
BIBLE
Bybel vir almal
Afrikaans Language

Afrikaans - All Bible
(Bybel vir almal)

Old Testament	
Genesis	3
Eksodus	102
Levitikus	185
Numeri	243
Deuteronomium	320
Josua	391
Rigters	438
Rut	484
1 Samuel	491
2 Samuel	552
1 Konings	603
2 Konings	664
1 Kronieke	723
2 Kronieke	781
Esra	850
Nehemia	870
Ester	899
Job	913
Psalms	971
Spreuke	1.117
Prediker	1.172
Hooglied	1.189
Jesaja	1.198
Jeremia	1.297
Klaagliedere	1.407
Esegiël	1.413
Daniël	1.511
Hosea	1.539
Joël	1.555
Amos	1.561
Obadja	1.573
Jona	1.575
Miga	1.579
Nahum	1.587
Habakuk	1.591
Sefanja	1.596
Haggai	1.601
Sagaria	1.604
Maleagi	1.621
New Testament	
Matteus	1.626
Markus	1.706
Lukas	1.755
Johannes	1.837
Handelinge	1.896
Romeine	1.974
1 Korintiërs	2.007
2 Korintiërs	2.041
Galasiërs	2.063
Efesiërs	2.075
Filippense	2.086
Kolossense	2.094
1 Tessalonisense	2.102
2 Tessalonisense	2.109
1 Timoteus	2.113
2 Timoteus	2.123
Titus	2.130
Filemon	2.135
Hebreërs	2.137
Jakobus	2.162
1 Petrus	2.171
2 Petrus	2.181
1 Johannes	2.187
2 Johannes	2.195
3 Johannes	2.196
Judas	2.198
Openbaring	2.201

© Bible Society of South Africa.

Afrikaans - All Bible
(Bybel vir almal)

OU TESTAMENT

Genesis

Genesis 1

In die begin

1 Alles het begin toe God die hemel en die aarde gemaak het.

2 Daar was niks op die aarde nie, niemand kon daar woon nie. Daar was net ’n groot see, en dit was baie donker. Die Gees van God het oor die water beweeg soos ’n sterk wind.

Lig

3 God het gesê: “Daar moet lig wees.” En toe was daar lig.

4 God het gesien die lig is goed. Hy het die lig en die donker van mekaar geskei.

5 God het die lig “dag” genoem en Hy het die donker “nag” genoem. Dit het aand geword en daarna het dit oggend geword. Dit was die eerste dag.

Die lug

6 God het gesê: “Daar moet ’n hemeldak wees, die lug daarbo, en dit moet die water wat bo is, skei van die water wat onder is.”

7 Dit het toe gebeur. God het die hemeldak gemaak en Hy het die water onder die dak geskei van die water bo die dak.

8 God het die ronde dak “hemel” genoem. Dit het aand geword en daarna het dit oggend geword. Dit was die tweede dag.

Die aarde en die see

9 God het gesê: “Die water onder die hemel moet bymekaarkom op een plek, sodat daar ook grond kan wees.” Dit het toe gebeur.

10 God het die grond “aarde” genoem en Hy het die water “see” genoem. God het gesien dit is goed.

11 God het gesê: “Daar moet plante op die aarde groei – groen plante wat saad dra, en bome wat vrugte dra en wat saad in die vrugte dra.” Dit het toe gebeur.

12 Daar het plante op die aarde gegroei – groen plante wat hulle eie saad dra, en bome wat hulle eie saad in die vrugte dra. God het gesien dit is goed.

13 Dit het aand geword en daarna het dit oggend geword. Dit was die derde dag.

Die son, die maan en die sterre

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14 God het gesê: “Daar moet ligte in die hemeldak wees. Die ligte moet dag en nag
van mekaar skei. Die ligte moet tekens wees wat wys watter tyd dit is en wanneer
die dae en die jare begin en wanneer hulle eindig.

15 Die ligte in die hemeldak moet skyn op die aarde.” Dit het toe gebeur.

16 God het twee groot ligte gemaak, en ook die sterre. Die groot lig moes in die dag
skyn, en die kleiner lig moes in die nag skyn.

17 God het hierdie ligte in die hemeldak gesit om lig te gee op die aarde

18 en om in die dag te skyn of in die nag te skyn. Hulle moes lig en donker van mekaar
skei. God het gesien dit is goed.

19 Dit het aand geword en daarna het dit oggend geword. Dit was die vierde dag.

Die diere in die water en die voëls

20 God het gesê: “Daar moet baie diere in die water wees en daar moet voëls onder
die hemeldak vlieg.”

21 God het die groot seediere gemaak, en alles wat in die see lewe. Hy het ook al die
verskillende soorte voëls gemaak. God het gesien dit is goed.

22 God het die diere in die see en die voëls geseën. Hy het vir hulle gesê: “Julle moet
meer word, en die see moet vol diere wees. Daar moet ook baie voëls op die aarde
wees.”

23 Dit het aand geword en daarna het dit oggend geword. Dit was die vyfde dag.

Die diere op die aarde

24 God het gesê: “Daar moet baie soorte diere op die aarde wees – mak diere, diere
wat kruip en wilde diere.” Dit het toe gebeur.

25 God het die diere op die aarde gemaak, wilde diere, mak diere en diere wat kruip.
God het gesien dit is goed.

Die mense

26 God het gesê: “Kom Ons maak ’n mens wat in ons plek kan regeer. Die mens moet
hoof wees oor die visse in die see en oor die voëls in die lug. Hy moet ook hoof wees
oor die mak diere en oor die hele aarde, en oor al die diere wat op die aarde kruip.”

27 God het toe die mens gemaak om in sy plek te regeer. Hy het die mens gemaak om
in sy plek hoof te wees. Hy het die mense so gemaak dat daar mans en vroue is.

28 God het hulle geseën en vir hulle gesê: “Julle moet baie kinders kry en die aarde
vol mense maak. Julle moet hoof wees oor die aarde en julle moet regeer oor die
visse in die see, oor die voëls in die lug en oor al die diere wat op die aarde beweeg.”

29 God het gesê: “Ek gee nou vir julle al die plante wat saad dra op die hele aarde, en
al die bome wat vrugte en saad dra. Dit is die kos wat julle mag eet.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Die gras en die groen plante is kos vir al die wilde diere, vir die voëls en al die ander diere wat op die aarde lewe.” Dit het gebeur.

31God het toe gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en daarna het dit oggend geword. Dit was die sesde dag.

Genesis 2

Die sewende dag

1God het die hemel en alles daarin klaar gemaak en ook die aarde en alles daarop.

2Op die sewende dag was al die werk wat God gedoen het, klaar. Hy het op die sewende dag gerus, Hy het nie gewerk nie.

3God het die sewende dag geseën. Hy het dit ’n gewyde dag gemaak, want op daardie dag het Hy gerus nadat Hy al sy werk klaar gedoen het.

4Dit is hoe die hemel en die aarde begin het toe God dit gemaak het.

Die Here het die mens gemaak

Toe die Here God die hemel en die aarde gemaak het,

5was daar nog nie plante in die veld op die aarde nie. Daar het nog nie plante gegroei nie, want die Here God het nog nie reën op die aarde laat val nie. Daar was ook nog nie ’n mens wat in die grond kon werk nie.

6Daar het water uit die aarde opgekom en die water het die grond natgemaak.

7Toe het die Here God stof geneem uit die grond en Hy het van die stof ’n mens gemaak. Die Here God het asem in die mens se neus geblaas, en die mens het begin lewe.

Die tuin in Eden

8Die Here God het bome geplant in ’n tuin in Eden in die ooste. Hy het die mens wat Hy gemaak het, daar laat woon.

9Die Here God het verskillende soorte bome uit die grond laat groei. Dit was mooi bome wat lekker vrugte gedra het. In die middel van die tuin was die boom wat lewe gee, en ook die boom wat vir mense die kennis kan gee sodat hulle sal weet wat goed is en wat sleg is.

10Daar het ’n rivier uit Eden gekom om die tuin nat te maak. Die rivier het verdeel en dit het vier riviere geword.

11Die naam van die een rivier was Pison. Hierdie rivier het om die hele Gawila-land gevloei. Daar was goud

12en die goud was goed. Daar was ook balsem en oniks.

13Die naam van die tweede rivier was Gihon. Dit het om die hele land Kus gevloei.

© Bible Society of South Africa.

14Die naam van die derde rivier was Tigris. Dit het oos van die land Assirië gevloei. Die naam van die vierde rivier was Eufraat.

15Die Here God het die mens in die Eden-tuin laat woon om daarin te werk en dit op te pas.

Die boom in die middel van die tuin

16Die Here God het vir die mens gesê: “Jy mag van al die vrugte in die tuin eet,

17maar een boom se vrugte mag jy nie eet nie. Dit is die boom wat jou kan help om te weet wat goed is en wat sleg is. As jy van daardie vrugte eet, dan sal jy sterf. Dit is seker.”

Die Here het die vrou gemaak om vir die mens ’n maat te wees

18Die Here God het gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n maat maak wat hom kan help.”

19Die Here God neem toe grond en Hy maak al die diere op die land en al die voëls. Toe bring Hy al die diere en die voëls na die mens toe. Die Here God wou weet watter name die mens vir die diere sou gee. So het die diere hulle name gekry.

20Die mens het name gegee vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself kon hy nie ’n maat kry om hom te help nie.

21Die Here God het toe die mens vas laat slaap. Hy het ’n rib uit die mens se bors gehaal, en Hy het die plek weer toegemaak waar Hy dit uitgehaal het.

22Daarna het die Here God ’n vrou gemaak van die man se rib en Hy het haar na die mens toe gebring.

23Die mens sê toe: “Nou het die Here iemand gebring wat ’n mens is soos ek. Haar liggaam kom uit my liggaam. Haar naam moet vrou wees, want sy kom uit die man.”

24Daarom gaan ’n man weg van sy pa en ma en hy gaan woon by sy vrou, sodat hulle een kan word.

25Die mens en sy vrou was kaal, maar hulle was nie skaam daaroor nie.

Genesis 3

Die slang

1Die slang was slimmer en skelmer as al die wilde diere wat die Here God gemaak het. Die slang het vir die vrou gevra: “Is dit waar? Het God gesê julle mag niks van die bome in die tuin se vrugte eet nie?”

2Die vrou sê toe vir die slang: “Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin,

3maar God het gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie. Hy het gesê ons mag nie daaraan raak nie, want dan sal ons sterf.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Toe sê die slang vir die vrou: “Julle sal nie sterf nie. Dit is seker.

5God het dit gesê omdat Hy weet dat as julle daarvan eet, dan sal julle alles verstaan. Julle sal soos God word en julle sal weet wat is goed en wat is sleg.”

Die mense is ongehoorsaam

6Die vrou het toe gekyk en gesien sy kan van die boom se vrugte eet, en dit lyk baie lekker. Sy het nou geweet die vrugte sal haar slim maak. Sy het van die vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man daarvan gegee, en hy het ook geëet.

7Toe verstaan hulle alles, en hulle besef hulle is kaal. Hulle het vyeblare aanmekaar vasgewerk en hulle het daarvan kort rokke vir hulleself gemaak.

Die Here roep die mens na Hom toe

8Die mens en sy vrou het gehoor die Here God loop in die tuin. Dit was aand, en die wind het gewaai. Die mens en sy vrou het toe vir die Here God weggekruip tussen die bome in die tuin.

9Toe roep die Here God die mens en Hy vra vir hom: “Waar is jy?”

10Die mens het geantwoord: “Ek het gehoor U is in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe kruip ek weg.”

11Die Here God vra toe vir die mens: “Wie het vir jou gesê jy is kaal? Het jy geëet van die vrugte wat Ek gesê het jy mag nie eet nie?”

12Die mens het gesê: “Ú het die vrou vir my gegee. Dit is sý wat vir my van die vrugte gegee het, en ek het daarvan geëet.”

13Die Here God vra toe vir die vrou: “Wat het jy gedoen?” En die vrou sê: “Die slang het my bedrieg, en ek het geëet.”

Die Here straf die slang en die mense

14Toe sê die Here God vir die slang: “Ek vervloek jou omdat jy dit gedoen het. Al die mak diere en die wilde diere sal nie vervloek wees nie, maar jý sal vervloek wees. Jy sal op die grond seil en jy sal stof eet totdat jy doodgaan.

15“Jy en die vrou sal altyd vyande wees, en julle kinders sal ook altyd vyande wees. Haar nageslag sal probeer om jou dood te maak, en jy sal haar nageslag pik.”

16Vir die vrou het die Here God gesê: “Ek sal jou baie swaar laat kry wanneer jy swanger is. Jy sal baie swaar kry wanneer jou kinders gebore word. Jy sal altyd jou man begeer. Jou man sal jou hoof wees.”

17Daarna het die Here God vir die mens gesê: “Jy het na jou vrou geluister en jy het geëet van die vrugte van die boom wat jou kan help om te weet wat goed is en wat sleg is. Ek het vir jou gesê jy moenie daarvan eet nie. Daarom vervloek Ek die grond waarin jy moet werk. Jy sal baie swaar kry en jy sal jou hele lewe lank hard werk om genoeg kos te kry.

© Bible Society of South Africa.

18 Daar sal dorings en bossies uit die grond groei, en jy sal veldplante eet.

19 Jy sal hard werk en sweet om kos te kry. Jy sal aanhou werk totdat jy sterf en teruggaan na die grond, want jy kom uit die grond. Ja, jy is stof en jy sal weer stof word.”

20 Die mens het sy vrou Eva genoem, want sy het die ma geword van al die mense.

21 Die Here God het velle geneem en Hy het vir die mens en sy vrou klere gemaak en dit vir hulle aangetrek.

Die Here stuur die mense weg uit die tuin

22 Toe sê die Here God: “Die mens het nou soos een van Ons geword, want hy weet nou wat goed is en wat sleg is. Hy mag nie nou ook eet van die boom wat lewe gee nie, want dan sal hy altyd lewe.”

23 Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die Eden-tuin. Hy moes werk in die grond waarvan God hom gemaak het.

24 Die Here God het die mens weggejaag en Hy het gerubs by die pad oos van die Eden-tuin laat wagstaan. Hulle het swaarde van vuur gehad en hulle moes keer dat die mense nie by die boom kom wat lewe gee nie.

Genesis 4

Eva kry twee seuns

1 Die mens het seks gehad met sy vrou Eva. Sy het swanger geword en sy het ’n seun gekry. Die seun se naam was Kain. Eva sê toe: “Die Here het my gehelp om ’n seun in die wêreld te bring.”

2 Later het sy weer ’n seun gekry. Sy naam was Abel, en hy was Kain se broer. Abel het met skape en bokke geboer. Kain was ook ’n boer, hy het koring gesaai.

Kain vermoor vir Abel

3 Eendag het Kain van sy koring geneem en hy het ’n offer vir die Here gebring.

4 Abel het ook ’n offer vir die Here gebring. Hy het die eerste lammers vir die Here gegee en die lammers se vet ge-offer. Die Here was tevrede met Abel en sy offer.

5 Maar die Here was nie tevrede met Kain en sy offer nie. Kain het toe baie kwaad geword en sy mond was dik.

6 Die Here vra toe vir Kain: “Hoekom is jy kwaad en hoekom is jou mond dik?

7 As jy doen wat reg is, dan sal jy gelukkig wees. Maar as jy doen wat verkeerd is, dan doen jy sonde. Die sonde is altyd naby jou en wil jou vang, maar jy moet die sonde oorwin.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Kain het vir sy broer Abel gesê: “Kom ons gaan veld toe.” Toe hulle in die veld was,
het Kain sy broer Abel vermoor.

Die Here straf vir Kain

9Toe vra die Here: “Kain, waar is jou broer Abel?” En Kain antwoord: “Ek weet nie. Ek
pas nie my broer op nie.”

10Die Here sê toe vir Kain: “Wat het jy gedoen? Jy het jou broer doodgemaak en sy
bloed het op die grond geval. Daardie bloed roep My en vra My om jou te straf.

11Daarom vervloek Ek jou. Jy moet nou weggaan van hierdie plek waar jou broer se
bloed op die grond geval het.

12Wanneer jy in die grond werk, dan sal die plante nie daar groei nie. Jy sal van een
plek na ’n ander plek rondswerf en jy sal nie ’n huis hê nie.”

13Toe sê Kain vir die Here: “My straf is te swaar om te dra.

14U jaag my nou weg, en daar is nie meer plek vir my op die aarde nie. Ek moet ook
vir U wegkruip. Ek moet rondswerf en ek het nie ’n huis waar ek kan woon nie.
Elkeen wat my kry, sal my wil doodmaak.”

15Die Here het vir Kain gesê: “Nee. As iemand jou doodmaak, dan sal Ek hom baie
swaar straf.” Die Here maak toe ’n merk op Kain. Die merk het almal gewaarsku om
nie vir Kain dood te maak nie.

16Kain het weggegaan van die Here. Hy het gaan woon in die land Nod. Dit was oos
van Eden.

Kain se nageslag

17Kain het seks gehad met sy vrou. Sy het swanger geword en ’n seun gekry. Die seun
se naam was Henog. Kain het toe ’n stad gebou en hy het die stad ook Henog
genoem.

18Henog en sy vrou het ’n seun gekry. Sy naam was Irad. Irad se seun was Megujael,
en Megujael se seun was Metusael. Metusael se seun was Lameg.

19Lameg het met twee vroue getrou – die een vrou se naam was Ada, en die ander
vrou se naam was Silla.

20Ada se seun was Jabal. Jabal was die voorvader van die mense wat in tente by
hulle skape en bokke gewoon het.

21Sy broer se naam was Jubal. Hy was die voorvader van die mense wat musiek
gemaak het met liere en fluite.

22Silla se seun was Tubal-Kain. Hy het met koper en yster gewerk. Tubal-Kain se
suster was Naäma.

© Bible Society of South Africa.

23Lameg het vir sy vroue gesê: “Ada en Silla, luister na wat ek sê. Ek sal die man
doodmaak wat my aanval.

24Ja, God het gesê as iemand vir Kain doodmaak, dan sal hy baie swaar gestraf word.
Maar ek sê: As iemand my doodmaak, dan sal hy nog baie swaarder gestraf word.”

Eva kry nog ’n seun

25Die mens, Adam, het weer seks gehad met sy vrou. Sy het ’n seun gekry en hom
Set genoem. Sy het gesê: “God het vir my ’n ander seun in Abel se plek gegee, want
Kain het vir Abel vermoor.”

26Set se vrou het ook later ’n seun gekry. Set het hom Enos genoem. In daardie tyd
het die mense begin om die Here te aanbid.

Genesis 5

Die nageslag van Adam

1Hier is ’n lys van Adam se nageslag. God het die mense gemaak om in sy plek te
regeer.

2Hy het hulle so gemaak dat daar mans en vroue is. Hy het die mense gemaak en
hulle geseën, en Hy het hulle “mense” genoem.

3Toe Adam 130 jaar oud was, het sy vrou weer ’n seun gekry. Hy was soos sy pa, en
Adam het hom Set genoem.

4Nadat Set gebore is, het Adam nog 800 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en
dogters gehad.

5Adam was 930 jaar oud toe hy gesterf het.

6Set was 105 jaar oud toe hy pa geword het van Enos.

7Daarna het Set nog 807 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en dogters gehad.

8Set was 912 jaar oud toe hy gesterf het.

9Enos was 90 jaar oud toe hy pa geword het van Kenan.

10Daarna het Enos nog 815 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en dogters
gehad.

11Enos was 905 jaar oud toe hy gesterf het.

12Kenan was 70 jaar oud toe hy pa geword het van Mahalalel.

13Daarna het Kenan nog 840 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en dogters
gehad.

14Kenan was 910 jaar oud toe hy gesterf het.

15Mahalalel was 65 jaar oud toe hy pa geword het van Jered.

© Bible Society of South Africa.

16Daarna het Mahalalel nog 830 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en dogters gehad.

17Mahalalel was 895 jaar oud toe hy gesterf het.

18Jered was 162 jaar oud toe hy pa geword het van Henog.

19Daarna het Jered nog 800 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en dogters gehad.

20Jered was 962 jaar oud toe hy gesterf het.

21Henog was 65 jaar oud toe hy pa geword het van Metusalag.

22Henog het God gedien, hy het naby Hom gelewe. Nadat Henog pa geword het van Metusalag, het Henog nog 300 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en dogters gehad.

23Henog het 365 jaar oud geword.

24Henog het God gedien, hy het naby God gelewe. Maar later was hy nie meer op die aarde nie, want God het hom weggeneem.

25Metusalag was 187 jaar oud toe hy pa geword het van Lameg.

26Daarna het Metusalag nog 782 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en dogters gehad.

27Metusalag was 969 jaar oud toe hy gesterf het.

28Lameg was 182 jaar oud toe hy pa geword het. Sy vrou het ’n seun gekry

29en Lameg het hom Noag genoem. Lameg het gesê: “Ons werk hard met ons hande om kos te kry, want die Here het die grond vervloek. Hierdie seun Noag sal ons help sodat ons kan rus nadat ons so hard moes werk.”

30Daarna het Lameg nog 595 jaar gelewe. Hy het ook nog ander seuns en dogters gehad.

31Lameg was 777 jaar oud toe hy gesterf het.

32Toe Noag 500 jaar oud was, het hy drie seuns gehad. Hulle name was Sem, Gam en Jafet.

Genesis 6

Die reuse

1Die mense op die aarde het baie geword. Hulle het ook dogters gehad,

2en die engele het na die dogters gekyk, want hulle was mooi. Hulle het party dogters gekies en met hulle getrou.

© Bible Society of South Africa.

3Toe sê die Here: “Ek sal nie meer die mense so lank laat lewe nie. Hulle is mense en
hulle sal sterf. Die mense sal van nou af nie ouer as 120 jaar word nie.”

4In daardie tyd en ook daarna was daar reuse op die aarde. Die reuse was die kinders
van die engele wat met die mense se dogters getrou het. Die reuse was die sterk
manne van daardie tyd, almal het geweet van hulle.

Die Here wil die mense en die diere doodmaak

5Die Here het gesien die mense doen baie verkeerd en hulle dink altyd net slegte
dinge.

6Die Here was hartseer. Hy was jammer dat Hy die mense gemaak het en dat Hy
hulle op die aarde laat woon het.

7Die Here sê toe: “Ek sal die mense wat Ek gemaak het, doodmaak en wegvee van
die aarde af. Ek sal al die mense, die diere en die voëls doodmaak. Ek is jammer dat
Ek hulle gemaak het.”

8Maar die Here was tevrede met Noag.

Noag

9Hier is die verhaal van Noag. Noag was ’n goeie en regverdige man. Hy het nie
gelewe soos die ander mense van daardie tyd nie. Noag het God gedien en naby
Hom gelewe.

10Noag het drie seuns gehad. Hulle name was Sem, Gam en Jafet.

11God het gesien al die ander mense op die aarde is sleg en wreed.

12God het na die aarde gekyk en gesien die mense is almal baie sleg.

13Daarom het God vir Noag gesê: “Ek het besluit om al die mense op die aarde dood
te maak, want hulle is wreed, hulle het die hele aarde sleg gemaak.

14Jy moet ’n ark maak van hout. Jy moet kamers in die ark maak en jy moet teer
binne en buite aan die hout verf. Die teer sal die hout dig toemaak sodat die water
nie kan inkom nie.

15“Dit is hoe groot jy die ark moet maak: Die ark moet 300 el lank, 50 el breed
en 30 el hoog wees.

16Jy moet ’n deksel bo-op die ark maak en dit moet een el hoog wees. Jy moet ook ’n
deur aan die kant van die ark insit en daar moet drie verdiepings wees: onder,
middel en bo.

17“Ek sal nou ’n groot watervloed oor die aarde bring, Ek sal al die mense en diere
op die aarde doodmaak. Alles wat op die aarde lewe, sal doodgaan.

18“Maar met jóú maak Ek ’n verbond. “Jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en
jou vrou en jou skoondogters.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Jy moet ook ’n mannetjie en ’n wyfie van elke soort dier saam met jou in die ark neem, sodat hulle saam met jou kan aanhou lewe.

20Jy moet twee van elke soort dier saam met jou neem. Hulle sal na jou toe kom en hulle moet saam met jou aanhou lewe.

21Jy moet ook genoeg kos vir julle en vir die diere bymekaarmaak en saamneem om te eet.”

22Noag het alles gedoen presies soos God gesê het.

Genesis 7

1Toe Noag die ark klaar gemaak het, het die Here vir hom gesê: “Jy en jou hele huisgesin moet in die ark ingaan. Jy is die enigste man op die aarde wat reg lewe.

2Jy moet sewe mannetjies en sewe wyfies van elke soort rein dier neem, en een mannetjie en een wyfie van elke soort onrein dier.

3Jy moet ook sewe mannetjies en sewe wyfies van elke soort voël saamneem, sodat hulle kan aanhou lewe op die aarde.

4Jy moet dit doen, want oor sewe dae sal Ek dit laat reën op die aarde. Dit sal 40 dae en 40 nagte aanmekaar reën. Ek sal alles wat lewe, alles wat Ek gemaak het, doodmaak en wegvee van die aarde af.”

5Noag het alles gedoen wat die Here vir hom gesê het.

6Noag was 600 jaar oud toe die watervloed oor die aarde gekom het.

7Noag het in die ark ingegaan voordat die watervloed gekom het. Sy seuns en sy vrou en sy skoondogters het saam met hom in die ark ingegaan.

Die watervloed begin

8Al die rein diere, al die onrein diere, al die voëls en al die diere wat kruip, het na Noag toe gekom.

9Hulle het twee-twee na Noag toe in die ark gekom, ’n mannetjie en ’n wyfie, soos God vir Noag gesê het.

10Sewe dae daarna het dit begin reën, en die watervloed het oor die aarde gestroom.

11Noag was 600 jaar oud en dit was die sewentiende dag van die tweede maand van die jaar. Die fonteine onder die grond het oopgegaan en die water het uitgekom. God het ook die water wat bokant die ronde dak is, op die aarde laat val.

12Die reën het 40 dae en 40 nagte lank op die aarde geval.

13Dit het begin reën dieselfde dag toe Noag in die ark ingegaan het saam met sy seuns Sem, Gam en Jafet, en ook sy vrou en sy drie skoondogters.

© Bible Society of South Africa.

14Hulle was saam met al die wilde diere, al die mak diere, al die diere wat kruip en al die voëls.

15Al die diere het twee-twee na Noag toe in die ark gekom.

16'n Mannetjie en 'n wyfie van elke soort dier het gekom, soos God vir Noag gesê het. Daarna het die Here die ark se deur agter hulle toegesluit.

17Dit het 40 dae aanmekaar gereën, en die water het oor die aarde gestroom. Die water het meer en meer geword. Die water het die ark opgelig.

18Die water het baie diep geword en die ark het bo-op gedryf.

19Die water was bo-oor die hele aarde en oor al die hoë berge.

20Dit het nog hoër geword en dit was later 15 el hoër as die berge.

21Alles wat op die aarde lewe, het verdrink – al die diere wat kruip, al die voëls, die mak diere, die wilde diere en ook al die mense.

22Alles wat asemhaal, het verdrink.

23God het alles doodgemaak wat op die aarde gelewe het. Al die mense, al die diere en al die voëls het verdrink. Net Noag en almal wat by hom in die ark was, het oorgebly.

24Die water was 150 dae lank oor die aarde.

Genesis 8

Die Here laat die watervloed ophou

1God het gedink aan Noag en die diere wat saam met hom in die ark was. God het 'n wind oor die aarde laat waai. Die water het minder geword en begin sak.

2Die fonteine het toegegaan, en dit het opgehou reën.

3Die water het minder en minder geword en weggesak. Na 150 dae het die water baie vlakker geword.

4Op die sewentiende dag van die sewende maand het die ark op die Ararat-berge gaan lê.

5Die water het nog minder en minder geword, en op die eerste dag van die tiende maand kon die mense in die ark die boonste punte van die berge sien.

6Ná nog 40 dae het Noag die venster oopgemaak van die ark wat hy gebou het.

7Hy het 'n kraai laat uitvlieg. Maar die kraai het aangehou vlieg totdat die water opgedroog het.

© Bible Society of South Africa.

8Toe het Noag ’n duif laat uitvlieg om uit te vind of die water weggevloei het van die grond af.

9Die duif het nie ’n plek gekry waar hy kon gaan sit nie, en hy het teruggekom na die ark, na Noag toe. Die water was nog oor die aarde. Toe die duif terugkom, het Noag sy hand uitgesteek en hy het die duif gevang. Hy het die duif weer in die ark ingebring.

10Noag het nog sewe dae gewag. Hy het die duif toe weer laat uitvlieg.

11Daardie aand het die duif na hom toe teruggekom, en daar was ’n vars olyfblaar in sy bek. Noag het toe geweet die water het baie minder geword.

12Hy het nog sewe dae gewag. Toe het hy weer die duif laat uitgaan, maar die duif het nie na hom toe teruggekom nie.

13Toe Noag 601 jaar oud was, op die eerste dag van die eerste maand, was die water weg. Noag het die ark oopgemaak en gesien die grond het begin droog word.

14Op die sewe-en-twintigste dag van die tweede maand was die aarde droog.

Noag gaan uit die ark uit

15Toe sê God vir Noag:

16“Jy en jou vrou en jou seuns en jou skoondogters moet nou uit die ark uitgaan.

17Al die diere en die voëls wat by jou in die ark is, moet saam met jou uitgaan. Hulle moet meer word sodat daar weer baie diere oral op die aarde kan wees.”

18Noag en sy seuns, sy vrou en sy skoondogters het toe almal uit die ark gegaan.

19Al die verskillende soorte diere en voëls het ook uit die ark gegaan.

Die Here belowe Hy sal nie weer die aarde vervloek nie

20Noag het ’n altaar gebou om vir die Here ’n offer te bring. Hy neem toe een van elke soort rein dier en een van elke soort rein voël, en hy offer brand-offers op die altaar vir die Here.

21Die offers het lekker geruik vir die Here, en Hy het gesê: “Ek sal nooit weer die aarde vervloek omdat Ek die mense wil straf nie. Die mense is so, hulle dink net slegte dinge vandat hulle gebore is. Maar Ek sal nie weer al die mense en diere doodmaak soos Ek nou in die watervloed gedoen het nie.

22“So lank soos die aarde hier sal wees, sal daar ’n tyd wees om te plant en ’n tyd om te oes, ’n tyd wanneer dit koud is, en ’n tyd wanneer dit warm is, somer en winter, dag en nag. Dit sal altyd so wees.”

Genesis 9

Niemand mag ’n ander mens doodmaak nie

© Bible Society of South Africa.

1God het vir Noag en sy seuns geseën. Hy het vir hulle gesê: “Julle moet baie kinders
kry en meer word. Julle moet die aarde vol mense maak.

2Al die diere sal bang wees vir die mense, die wilde diere, die voëls, die diere wat
kruip en die visse. Julle mag hulle gebruik.

3Voorheen was die plante julle kos. Nou gee Ek ook vir julle die vleis van die diere om
te eet.

4Maar wanneer julle vleis eet, dan mag julle nie die bloed daarmee saam eet nie. Die
lewe van die dier is in sy bloed.

5“As iemand julle doodmaak en julle bloed laat vloei, dan sal Ek hom straf en sy
bloed ook laat vloei. As ’n dier ’n mens doodmaak, dan sal Ek die dier doodmaak.
Iemand wat ’n ander mens doodmaak, moet ook sterf.

6God het mense gemaak om in sy plek te regeer en hoof te wees oor die aarde.
Daarom mag niemand ’n ander mens doodmaak nie. As iemand ’n ander mens
doodmaak, dan moet die mense hom ook doodmaak.

7“Noag, julle moet baie kinders kry en meer word, julle moet die wêreld vol mense
maak.”

Die Here maak ’n verbond met die mense en die diere

8God het ook vir Noag en sy seuns gesê:

9“Ek maak ’n verbond met julle en met julle nageslag.

10Ek maak ook ’n verbond met alles wat lewe, alles wat saam met julle uit die ark
gekom het, die voëls, die mak diere en die wilde diere.

11Ek belowe vir julle: Daar sal nooit weer ’n watervloed wees wat die aarde
sal verwoes en al die mense en diere sal doodmaak nie.”

12God het ook gesê: “Ek gee vir julle ’n teken om te wys dat Ek ’n verbond met julle
gemaak het. Ek het dit belowe, en dit sal altyd waar wees.

13Ek maak my reënboog in die wolke. Die reënboog sal ’n teken wees om te wys dat
Ek ’n verbond met julle gemaak het.

14Wanneer Ek wolke oor die aarde stuur, en die reënboog is in die wolke,

15dan sal Ek onthou dat Ek ’n verbond gemaak het met julle en met al die diere. Ek
het belowe dat daar nie weer ’n watervloed sal wees wat al die mense en diere sal
doodmaak nie.

16Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien, dan sal Ek daaraan
dink dat Ek ’n verbond gemaak het met almal op die aarde, ’n verbond wat vir altyd
sal wees.”

© Bible Society of South Africa.

17 God het vir Noag gesê: “Die reënboog is die teken wat vir almal op die aarde wys
dat Ek ’n verbond gemaak het met hulle.”

Noag en sy seuns

18 Noag het drie seuns gehad wat saam met hom in die ark was. Hulle was Sem, Gam
en Jafet. Gam was Kanaän se pa.

19 Hierdie drie seuns van Noag is die voorvaders van al die mense op die aarde.

20 Noag was ’n boer en hy het ’n wingerd geplant.

21 Hy het die druiwe gepluk en wyn gemaak. Toe het hy die wyn gedrink en dronk
geword. Hy het sy klere uitgetrek en hy het kaal in sy tent gelê.

22 Gam, die voorvader van die Kanaäniete, het gesien Noag was kaal, en hy het na sy
pa gekyk. Hy het uit die tent gegaan en hy het dit vir sy broers gaan vertel.

23 Sem en Jafet het klere geneem en hulle het dit oor hulle skouers gehou. Hulle het
agteruit geloop sodat hulle nie Noag se kaal liggaam kon sien nie. Hulle het hulle pa
toegemaak met die klere.

24 Toe Noag wakker word, het hy uitgevind wat sy jongste seun gedoen het.

25 Noag sê toe: “Ek vervloek vir Kanaän, Gam se seun. Hy en sy kinders sal slawe
wees vir sy broers.”

26 Noag het ook gesê: “Prys die Here, die God van Sem! Kanaän sal Sem se slaaf wees.

27 Ek bid dat God vir Jafet baie grond sal gee, en dat God altyd by Sem sal wees.
Kanaän sal Jafet se slaaf wees.”

28 Noag het nog 350 jaar ná die watervloed gelewe.

29 Noag was 950 jaar oud toe hy gesterf het.

Genesis 10

Die nageslag van Jafet, Gam en Sem

(Kyk ook 1 Kron 1:1-20)

1 Hier is ’n lys van die nageslag van Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet. Ná
die watervloed het hulle kinders gehad.

2 Jafet se nageslag was die mense van Gomer en Magog, die Mediërs, die Grieke en
die mense van die lande Tubal, Mesek en Tiras.

3 Gomer se nageslag was die mense van die lande Askenas, Rifat en Togarma.

4 Elisa en Tarsis, die Kittiërs en die Dodaners was afstammelinge van die Grieke.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Party van hierdie mense het oral in ander lande en naby die see gaan woon. Daar was verskillende families en volke. Elke volk het in sy eie land gewoon en het sy eie taal gepraat.

6Gam se nageslag was die mense van die lande Kus, Egipte, Put en Kanaän.

7Kus se nageslag was die mense van die lande Seba, Gawila, Sabta, Rama en Sabteka. Rama se nageslag was die mense van die lande Skeba en Dedan.

8Kus het ook ’n seun gehad, sy naam was Nimrod. Hy het ’n baie sterk en belangrike man geword.

9Hy was ’n goeie jagter. Die Here het hom so gemaak. Daarom, as iemand goed kan jag, dan sê die mense: “Hy is ’n goeie jagter, soos Nimrod.”

10Nimrod was eers die koning van die stede Babel, Erek, Akkad en Kalne in die land Babel.

11Hy het uit die land Babel na die land Assirië gegaan en hy het die stede Nineve, Regobot-Ir en Kalag gebou.

12Hy het ook die stad Resen tussen Nineve en Kalag gebou. Resen was ’n groot stad.

13Die mense van Egipte was die voorvaders van die Ludeërs, die Anammers, die Lehabeërs, die Naftoagiete,

14en die mense van die lande Patros, Kasluag en Kaftor. Die mense van Kasluag was die voorvaders van die Filistyne.

15Die mense van Kanaän was die voorvaders van die mense van die lande Sidon en Het. Sidon was die oudste.

16Kanaän was ook die voorvader van die Jebusiete, die Amoriete, die Girgasiete,

17die Hewiete, die Erekiete, die Siniete,

18die Arwadters, die Semariërs en die Hamatters. Later het Kanaän se families oral gaan woon.

19Die grense van hulle grond was van die land Sidon tot by die stad Gasa naby die stad Gerar, en tot by die stad Lesa naby die stede Sodom, Gomorra, Adma en Sebojim.

20Al hierdie mense was die nageslag van Gam. Elke familie het sy eie taal gepraat en het in sy eie land gewoon. Hulle het verskillende volke geword.

21Sem het ook ’n nageslag gehad. Hy was die voorvader van al die

Hebreërs. Sem se oudste broer was Jafet.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Sem se nageslag was die mense van die lande Elam, Assirië, Arpaksad, Lud en Aram.

23Aram se nageslag was die mense van die lande Us, Gul, Geter en Mas.

24Arpaksad was die pa van Selag, en Selag was die pa van Heber.

25Heber het twee seuns gehad. Die een seun se naam was Peleg. In die tyd toe Peleg gelewe het, het hulle die land verdeel. Peleg se broer was Joktan.

26Joktan was die pa van Almodad, Selef, Gasarmawet, Jerag,

27Hadoram, Usal, Dikla,

28 Obal, Abimael, Skeba,

29Ofir, Gawila en Jobab. Hulle was almal Joktan se nageslag.

30Hulle het gewoon tussen Mesa en Sefar, in die berge in die ooste.

31Sem was die voorvader van al hierdie mense. Elke familie het sy eie taal gepraat en het in sy eie land gewoon. Hulle het verskillende volke geword.

32Dit is die nageslag van Noag se seuns. Hulle was die voorvaders van al die volke wat ná die watervloed oral op die aarde gaan woon het.

Genesis 11

Die toring van Babel

1Al die mense op die aarde het dieselfde taal gepraat en dieselfde woorde gebruik.

2Die mense het van die ooste getrek en by ’n vallei in die land Babel gekom. Hulle het daar gaan woon.

3Hulle het vir mekaar gesê: “Kom ons maak bakstene.” Hulle het toe die stene gebruik om huise te bou. Hulle het stene gebruik, nie klippe nie, en hulle het teer gebruik, nie klei nie.

4Hulle sê toe: “Kom ons bou vir ons ’n stad en ’n baie hoë toring. Die punt van die toring moet aan die hemel raak. Dan sal al die mense weet van ons. Kom ons doen dit, dan sal ons nie oral op die aarde moet gaan woon nie.”

5Die Here het afgekom om te kom kyk na die stad en die toring wat die mense bou.

6Die Here sê toe: “Kyk, hierdie mense is nou een volk en hulle praat almal dieselfde taal. En hulle het nou net begin. Hierna sal hulle alles regkry wat hulle wil doen.

7Kom Ons gaan af daarnatoe en maak hulle taal deurmekaar, sodat hulle mekaar nie kan verstaan nie.”

© Bible Society of South Africa.

8 Die Here het die mense oral op die aarde laat woon, van die stad af en verder. Hulle
het opgehou om die stad te bou.

9 Daarom het hulle die stad Babel genoem, want daar het die Here die mense se taal
deurmekaar gemaak en van daardie plek het Hy die mense laat gaan om oral op die
aarde te woon.

Sem se nageslag

(Kyk ook 1 Kron 1:24-27)

10 Hier is die lys van Sem se nageslag. Sem was 100 jaar oud toe hy pa geword het
van Arpaksad. Dit was twee jaar ná die watervloed.

11 Nadat Arpaksad gebore is, het Sem nog 500 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns
en dogters gehad.

12 Toe Arpaksad 35 jaar oud was, het hy pa geword van Selag.

13 Daarna het Arpaksad nog 403 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters
gehad.

14 Toe Selag 30 jaar oud was, het hy pa geword van Heber.

15 Daarna het Selag nog 403 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

16 Toe Heber 34 jaar oud was, het hy pa geword van Peleg.

17 Daarna het Heber nog 430 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

18 Toe Peleg 30 jaar oud was, het hy pa geword van Reü.

19 Daarna het Peleg nog 209 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

20 Toe Reü 32 jaar oud was, het hy pa geword van Serug.

21 Daarna het Reü nog 207 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

22 Toe Serug 30 jaar oud was, het hy pa geword van Nahor.

23 Daarna het Serug nog 200 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

24 Toe Nahor 29 jaar oud was, het hy pa geword van Tera.

25 Daarna het Nahor nog 119 jaar gelewe. Hy het ook ander seuns en dogters gehad.

26 Toe Tera 70 jaar oud was, was hy die pa van Abram, Nahor en Haran.

Tera se nageslag

27 Hier is die verhaal van Tera. Tera was die pa van Abram, Nahor en Haran. Haran
was die pa van Lot.

28 Haran het gesterf in die land waar hy gebore is, in Ur in die land van die Galdeërs.
Sy pa Tera het toe nog gelewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29Abram en Nahor het altwee getrou. Abram se vrou was Sarai, en Nahor se vrou was Milka. Milka was Haran se dogter. Haran se ander dogter was Jiska.

30Sarai het nie ’n kind gehad nie, sy kon nie kinders kry nie.

31Tera het uit Ur in Galdeër-land weggegaan na die land Kanaän. Hy het sy seun Abram, sy kleinseun Lot en sy skoondogter Sarai saamgeneem met hom. Lot was Haran se seun, en Sarai was Abram se vrou. Hulle het tot by Haran getrek en daar gaan woon.

32Tera het gesterf in Haran. Hy was toe 205 jaar oud.

Genesis 12

Abram kom na die land Kanaän

1Die Here het vir Abram gesê: “Jy moet uit jou land gaan, weg van jou familie en van jou pa se huisgesin. Ek sal jou wys na watter land jy moet gaan.

2“Ek sal jou seën, en jou nageslag sal ’n groot volk word. Ek sal jou naam belangrik maak, en mense sal jou naam gebruik om ander mense te seën.

3As iemand jou seën, dan sal Ek hom ook seën, en as iemand jou vervloek, dan sal Ek hom ook vervloek. Al die mense van die aarde sal jou naam gebruik om te bid dat Ek hulle moet seën soos Ek jou geseën het.”

4Abram het toe weggegaan soos die Here vir hom gesê het. Lot het saam met hom gegaan. Abram was 75 jaar oud toe hy uit Haran weggegaan het.

5Abram het sy vrou Sarai, sy broer se seun Lot en al hulle goed saamgeneem. Hy het ook al die slawe geneem wat hulle in Haran gehad het. Hulle het weggegaan na die land Kanaän. Toe hulle in Kanaän kom,

6het Abram deur die land getrek tot by die gewyde plek van Sigem, dit is die boom van die mense wat dink hulle weet wat ander mense nie kan weet nie. In daardie tyd het die Kanaäniete in die land gewoon.

7Die Here het aan Abram verskyn en vir hom gesê: “Ek gee hierdie land vir jou nageslag.” Abram het daar ’n altaar gebou vir die Here wat aan hom verskyn het.

8Abram het van daar verder getrek na die berg oos van die stad Bet-El, en hy het sy tente daar opgeslaan. Bet-El was wes van hulle, en die stad Ai was oos. Abram het daar ’n altaar vir die Here gebou. Hy het die Here aanbid.

9Later het Abram verder getrek na die Suid-land toe.

Abram in Egipte

10In daardie tyd was daar hongersnood in die land. Abram het na Egipte gegaan om daar te gaan woon, want daar was baie min kos in sy eie land.

© Bible Society of South Africa.

11Toe hy naby Egipte kom, het hy vir sy vrou Sarai gesê: “Ek weet jy is ’n mooi vrou.

12Wanneer die mense van Egipte jou sien, dan sal hulle sê: ‘Dit is Abram se vrou.’ Dan sal hulle my doodmaak, maar vir jou sal hulle laat lewe.

13Jy moet vir hulle sê jy is my suster. Dan sal hulle my nie doodmaak omdat hulle jou wil hê nie. Hulle sal dink ek is jou broer en hulle sal goed wees vir my. So sal jy help om my lewe te red.”

14Toe Abram in Egipte kom, het die mense van Egipte gesien Sarai is baie mooi.

15Die farao se amptenare het haar gesien, en hulle het vir die farao gaan vertel van die mooi vrou. Hulle het haar gaan haal en sy moes in die farao se paleis gaan bly.

16Die farao was goed vir Abram omdat hy gedink het Sarai is sy suster. Hy het vir Abram skape, bokke, beeste, donkies, slawe, slavinne, donkie-merries en kamele gegee.

17Maar die Here het die farao en sy huisgesin swaar gestraf omdat hy Abram se vrou Sarai gevat het.

18Die farao roep toe vir Abram en vra vir hom: “Hoekom het jy dit aan my gedoen? Hoekom het jy nie vir my gesê Sarai is jou vrou nie?

19Hoekom het jy gesê sy is jou suster, want toe het ek met haar getrou. Hier is jou vrou nou. Neem haar en gaan weg!”

20Die farao het toe vir sy amptenare gesê hulle moet Abram en sy vrou en al sy goed uit die land stuur.

Genesis 13

Lot gaan weg van Abram

1Abram het uit Egipte weggegaan na die Suid-land, hy en sy vrou en alles wat hy gehad het. Lot het saam met hom gegaan.

2Abram was baie ryk. Hy het baie diere en silwer en goud gehad.

3Hy het elke dag verder getrek totdat hy weer by dieselfde plek gekom het waar hy voorheen sy tente opgeslaan het. Dit was tussen die stede Bet-El en Ai.

4Dit was die plek waar hy voorheen ’n altaar gebou het. Abram het die Here daar aanbid.

5Lot, wat saam met Abram getrek het, het ook skape en bokke, beeste en tente gehad.

6Daar was nie genoeg grond vir Abram en Lot saam nie. Hulle kon nie bymekaar woon nie, want hulle het te veel diere en ander goed gehad.

© Bible Society of South Africa.

7Abram en Lot se skaapwagters het met mekaar gestry en rusie gemaak. In daardie tyd het die Kanaäniete en Feresiete ook in die land gewoon.

8Abram sê toe vir Lot: “Ek en jy moenie met mekaar stry en rusie maak nie, en ook nie my skaapwagters met joune nie, want ons is familie.

9Die hele land lê oop voor jou. Ons moet weggaan van mekaar. As jy links gaan, dan sal ek regs gaan, of as jy regs gaan, dan sal ek links gaan.”

10Lot het rondgekyk en gesien daar is baie water by die stad Soar in die suide van die Jordaan-vallei. Dit het gelyk soos ’n tuin van die Here, en soos in Egipte. Dit was voordat die Here vir Sodom en Gomorra verwoes het.

11Lot het toe die Jordaan-vallei vir homself gekies en hy het oos getrek. So het Lot weggegaan van Abram.

12Abram het in Kanaän gewoon en Lot het by die stede in die suide van die Jordaan-vallei gaan woon. Hy het tot by die stad Sodom getrek en sy tente daar opgeslaan.

13Die mense van Sodom was baie sleg en hulle het baie sonde gedoen.

Die Here belowe om vir Abram die land en ’n groot nageslag te gee

14Nadat Lot weggegaan het van Abram, het die Here vir Abram gesê: “Kyk rondom jou. Kyk noord, kyk suid, kyk oos, kyk wes.

15Die hele land wat jy sien, sal Ek vir jou en vir jou nageslag gee, vir altyd.

16Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof op die aarde. As iemand die stof op die aarde kan tel, dan sal hy jou nageslag ook kan tel.

17Jy mag nou deur die hele land trek, want Ek gee dit vir jou.”

18Abram het sy tente opgeslaan en hy het gaan woon by die bome van Mamre, by die stad Hebron. Abram het daar ’n altaar vir die Here gebou.

Genesis 14

Vier konings kom oorlog maak

1In daardie tyd was daar vier konings wat oorlog kom maak het. Hulle was koning Amrafel van Sinar, koning Arjok van Ellasar, koning Kedorlaomer van Elam en koning Tidal van Gojim.

2Hulle het oorlog gemaak teen koning Bera van Sodom, koning Birsa van Gomorra, koning Sinab van Adma, koning Semeber van Sebojim en die koning van Bela. Bela se ander naam was Soar.

3Hierdie vyf konings het mekaar gehelp en hulle het ’n ooreenkoms met mekaar gemaak. Hulle het bymekaargekom in die Siddim-vallei. Die Siddim-vallei se ander naam was die Sout-see.

© Bible Society of South Africa.

4Die vyf konings het koning Kedorlaomer gedien, hy het twaalf jaar lank oor hulle regeer. Maar in die dertiende jaar wou hulle hom nie meer dien nie.

5In die veertiende jaar het koning Kedorlaomer en die drie konings wat saam met hom was, gekom om oorlog teen die vyf ander konings te maak. Hulle het die Refaïete in Asterot-Karnajim oorwin, die Sussiete in Ham, die Emiete in die Kirjatajim-vallei,

6en die Goriete in die Seïr-berge tot by El-Paran langs die woestyn.

7Toe het koning Kedorlaomer en sy bondgenote omgedraai en by En-Mispat gekom. En-Mispat se ander naam was Kades. Hulle het die Amalekiete se hele land gevat, en hulle het ook die Amoriete oorwin wat in Gaseson-Tamar gewoon het.

8Die vyf konings van Sodom, Gomorra, Adma, Sebojim en Bela het toe in die Siddim-vallei bymekaargekom om oorlog te maak

9teen koning Kedorlaomer van Elam, koning Tidal van Gojim, koning Amrafel van Sinar, en koning Arjok van Ellasar. Daar was vier konings teen vyf konings.

10In die Siddim-vallei was daar gate in die grond, en daar het teer uit die gate gekom. Die konings van Sodom en Gomorra het gevlug en hulle het in die gate geval. Die soldate wat oorgebly het, het na die berge gevlug.

11Die vier konings het al die goed en die kos van die mense van Sodom en Gomorra gevat en weggegaan.

12Hulle het ook vir Lot en al sy goed gevat en weggegaan. Lot was Abram se broer se seun. Hy het in daardie tyd in Sodom gewoon.

Abram oorwin die vier konings

13Een man wat gevang is, het losgekom. Hy het alles vir Abram die Hebreër gaan vertel. Abram het toe gewoon by die bome van Mamre, die Amoriet. Mamre en sy broers Eskol en Aner was Abram se bondgenote.

14Toe Abram hoor die vier konings het vir Lot gevang en weggevat, het hy vir 318 van sy slawe wapens gegee. Hulle het die vier konings gevolg en gejaag tot by die stad Dan.

15Daar het Abram en sy manne die konings in die nag van verskillende kante aangeval en oorwin. Hulle het die konings gevolg en gejaag tot by die stad Goba, noord van Damaskus.

16Abram het al hulle goed teruggebring. Hy het ook sy broer se seun Lot en sy goed teruggebring, ook die vroue en die ander mense.

17Nadat Abram vir koning Kedorlaomer en die ander drie konings oorwin het, het hy teruggekom. Die koning van Sodom het hom kom ontmoet in die Sawe-vallei. Die vallei se ander naam was die Koning-vallei.

© Bible Society of South Africa.

18Melgisedek, die koning van Salem, was ’n priester van die Hoogste God. Hy het vir Abram brood en wyn gebring.

19Hy het Abram geseën en gesê: “Abram, die Hoogste God wat die hemel en die aarde gemaak het, seën jou.

20Ek prys die Hoogste God, want Hy het jou gehelp om jou vyande te oorwin.” Abram het toe vir Melgisedek een tiende gegee van alles wat hy teruggebring het.

21Die koning van Sodom het vir Abram gesê: “Gee vir my net die mense terug wat die vyand gevang het, en neem vir jou die goed.”

22Maar Abram het vir die koning van Sodom gesê: “Die Here, die Hoogste God, wat die hemel en die aarde gemaak het, is my getuie.

23Hy is my getuie dat ek niks van jou sal neem nie, nie ’n garingdraad of ’n skoenveter of enige iets anders nie. Ek wil nie hê jy moet later sê: ‘Ék het vir Abram ryk gemaak’ nie.

24Ek wil niks van jou goed hê nie, net die kos wat my slawe geëet het. Maar die manne wat saam met my gegaan het, Aner, Eskol en Mamre, húlle moet die goed kry wat hulle moet kry.”

Genesis 15

Die Here maak ’n verbond met Abram

1Hierna het Abram gedroom die Here sê vir hom: “Abram, jy moenie bang wees nie. Ek sal jou beskerm. Ek sal vir jou baie gee.”

2Toe sê Abram: “Here, my Here, wat kan U vir my gee? Ek het nie kinders nie, en Eliëser, die man uit Damaskus, sal eendag al my goed erf.

3U het nie vir my ’n nageslag gegee nie, en daarom sal een van my slawe alles erf wat ek het.”

4Toe praat die Here weer met Abram en Hy sê vir hom: “Nee, dit is nie ’n slaaf wat al jou goed sal erf nie. Net jou eie seun sal jou goed erf.”

5Die Here het vir Abram buitetoe geneem en vir hom gesê: “Kyk na die lug en probeer om al die sterre te tel. Jou nageslag sal so baie wees.”

6Abram het die Here geglo, en daarom was die Here tevrede met hom.

7Die Here het vir Abram gesê: “Ek is die Here wat jou laat wegtrek het uit Ur, die stad in die land van die Galdeërs. Ek het jou hiernatoe gebring, want Ek wil hierdie land vir jou gee. Hierdie land sal aan jou behoort.”

8Toe vra Abram: “Here, my Here, hoe kan ek seker wees dat hierdie land myne sal wees?”

© Bible Society of South Africa.

9En die Here sê vir hom: “Bring vir My ’n vers-kalf en ’n bok en ’n skaap-ram, almal drie jaar oud. Bring ook ’n tortelduif en ’n ander duif.”

10Abram het dit alles vir die Here gebring. Hy het die diere middeldeur gesny, en hy het die een helfte van elke dier oorkant die ander helfte neergesit. Maar die voëls het hy nie middeldeur gesny nie.

11Die aasvoëls het gekom om die dooie diere te vreet, maar Abram het hulle weggejaag.

12Toe die son ondergaan, het dit baie donker geword, en Abram het bang geword. Maar daarna het hy baie vas geslaap.

13Toe sê die Here vir Abram: “Jou nageslag sal gaan woon in ’n land wat nie hulle eie land sal wees nie. Hulle sal vreemdelinge wees, maar hulle sal slawe wees, en die mense sal hulle 400 jaar lank verdruk. Dit is seker.

14Maar Ek sal die volk straf wat hulle slawe laat word het. Daarna sal jou nageslag weggaan en hulle sal baie goed hê.

15Met jou sal dit goed gaan totdat jy sterf en jy sal oud wees wanneer hulle jou begrawe.

16In die vierde geslag sal jou nageslag weer terugkom na hierdie land. Dan sal dit die regte tyd wees om die Amoriete te straf oor hulle baie sonde.”

17Die son het ondergegaan en dit het donker geword. Daar kom toe vuurvlamme en rook wat deurgaan tussen die stukke vleis van die diere wat geslag is.

18Daardie dag het die Here ’n verbond gemaak met Abram. Die Here het vir Abram belowe: “Ek gee vir jou nageslag hierdie land, van die Egipte-spruit tot by die groot Eufraat-rivier.

19Dit is die land van die Keniete, die Kenissiete, die Kadmoniete,

20die Hetiete, die Feresiete, die Refaïete,

21die Amoriete, die Kanaäniete, die Girgasiete en die Jebusiete.”

Genesis 16

Hagar en Ismael

1Abram se vrou Sarai het nog nie vir hom ’n kind gekry nie. Sarai het ’n slavin uit Egipte gehad. Haar naam was Hagar.

2Sarai het vir Abram gesê: “Die Here het my nie kinders laat kry nie. Gaan slaap by my slavin. Miskien kry sy ’n kind, en dan sal dit my kind wees.” Abram het geluister en gedoen wat Sarai gesê het.

© Bible Society of South Africa.

3Abram het toe al tien jaar in Kanaän gewoon. Sy vrou Sarai het haar Egiptiese slavin Hagar geneem en vir haar man Abram gegee sodat Hagar ook sy vrou kon wees.

4Abram het seks gehad met Hagar, en sy het swanger geword. Toe Hagar sien sy is swanger, het sy gedink sy is beter as Sarai.

5Toe sê Sarai vir Abram: “Dit is nie reg nie en dit is jou skuld. Ek het my slavin vir jou gegee, maar toe sy swanger word, het sy begin dink sy is beter as ek. Die Here moet sê wie is reg en wie is verkeerd, ek of jy.”

6Toe sê Abram vir Sarai: “Dit is jou slavin. Jy mag met haar doen wat jy dink is goed.” Sarai het toe slegte dinge gedoen aan haar slavin, so sleg dat die slavin weggeloop het.

7Die Engel van die Here het die slavin by ’n fontein in die woestyn gekry. Die fontein was langs die pad na die stad Sur.

8Die Engel vra toe vir haar: “Hagar, slavin van Sarai, van waar kom jy en waarnatoe gaan jy?” En Hagar antwoord: “Ek is Sarai se slavin en ek vlug weg van haar.”

9Die Engel van die Here sê toe vir haar: “Jy moet teruggaan na Sarai toe en gehoorsaam wees aan haar.

10Ek sal jou nageslag baie groot maak. Hulle sal so baie wees dat niemand hulle sal kan tel nie.”

11Die Engel van die Here het ook vir haar gesê: “Hagar, jy is swanger en jy sal ’n seun kry. Jy moet hom Ismael noem, want die Here het gehoor jy kry swaar.

12Jou seun sal soos ’n wildedonkie wees. Hy sal teen almal wees, en almal sal teen hom wees. Hy sal nie by sy familie woon nie.”

13Nadat die Here met Hagar gepraat het, het sy die Here aanbid. Sy het gesê: “U is die God wat my sien. Hier het ek ook die God gesien wat my gesien het.”

14Daarom noem hulle die fontein Lagai-Roï-fontein. Die fontein is tussen die stede Kades en Bered.

15Hagar het ’n seun gekry vir Abram. Abram het hom Ismael genoem.

16Abram was 86 jaar oud toe Ismael gebore is.

Genesis 17

Die verbond en die besnydenis

1Abram was 99 jaar oud toe die Here aan hom verskyn het. Die Here het vir hom gesê: “Ek is God die Almagtige. Jy moet My dien en reg lewe.

2Dan sal Ek ’n verbond maak met jou. Ek sal vir jou ’n baie groot nageslag gee.”

© Bible Society of South Africa.

3Abram het met sy gesig teen die grond gaan lê, en die Here het vir hom gesê:

4"Ek maak hierdie verbond met jou: Jy sal die voorvader wees van baie volke,

5en jou naam sal nie meer Abram wees nie. Jou naam sal nou Abraham wees, want Ek sal jou die voorvader van baie volke maak.

6Jy sal 'n baie groot nageslag hê. Jy sal die voorvader wees van baie volke en konings.

7Ek maak 'n verbond tussen My en jou en jou nageslag en hulle nageslagte. Dit is 'n verbond wat altyd sal aanhou. Ek sal jou God wees en ook jou nageslag se God.

8En Ek sal vir jou en vir jou nageslag hierdie land gee waarin jy nou 'n vreemdeling is, die hele land Kanaän. Die land sal altyd aan julle behoort, en Ek sal julle God wees."

9God het vir Abraham gesê: "Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag en hulle nageslagte.

10Hier is die verbond wat jy en jou nageslag moet hou: Julle moet elke man en seun besny.

11Dit sal die bewys wees van die verbond tussen My en julle.

12As 'n seun ag dae oud is, dan moet julle hom besny. Julle moet dit doen met elke seun in julle huis, en met elke slaaf wat in julle huis gebore word. Julle moet dit ook doen met elke slaaf wat julle koop, elke slaaf wat nie julle nageslag is nie.

13Elke seun in julle huis en ook elke slaaf wat julle gekoop het, moet besny word, sodat daar altyd aan julle liggame 'n bewys van my verbond kan wees.

14"Julle moet elke man wat nie besny is nie, van hierdie volk afsny. Hy het nie my verbond gehou nie, hy het dit gebreek."

15God het ook vir Abraham gesê: "Jy moet jou vrou nie meer Sarai noem nie, haar naam moet nou Sara wees.

16Ek sal haar seën en sy sal vir jou 'n seun kry. Ja, Ek sal haar seën, en uit haar nageslag sal volke en konings kom."

17Abraham het met sy gesig teen die grond gaan lê. Hy het gelag en gedink: Kan 'n man wat 100 jaar oud is, pa word van 'n kind? Kan Sara wat 90 jaar oud is, 'n kind kry?

18Abraham sê toe vir God: "Ek bid dat U vir Ismael sal laat lewe."

19Maar God sê: "Nee, jou vrou Sara sal vir jou 'n kind kry, en jy moet hom Isak noem. Ek sal ook met hóm 'n verbond maak, en die verbond sal altyd aanhou, ook met sy nageslag.

20Ek het gehoor wat jy oor Ismael vra. Ek sal hom seën en hy sal baie kinders hê. Hy sal die voorvader van twaalf leiers wees, en sy nageslag sal 'n groot volk word.

© Bible Society of South Africa.

21“Maar Ek maak my verbond met Isak, die seun wat Sara oor ’n jaar vir jou sal kry.”

22Nadat God klaar met Abraham gepraat het, het Hy weggegaan.

23Abraham het toe sy seun Ismael geneem en al die slawe wat in sy huis gebore is, en hy het hulle besny. Hy het ook al die slawe wat hy gekoop het, almal wat manlik is in sy huis, besny, presies soos God vir hom gesê het.

24Abraham was 99 jaar oud toe hy besny is.

25Sy seun Ismael was 13 jaar oud toe hy besny is.

26Abraham en sy seun Ismael is op dieselfde dag besny.

27Al die mans in sy huis is saam met hom besny, die slawe wat in sy huis gebore is en die slawe wat hy gekoop het.

Genesis 18

Die Here verskyn aan Abraham

1Die Here het aan Abraham verskyn by die bome van Mamre. Abraham het by sy tent se deur gesit. Dit was op die warmste tyd van die dag.

2Toe hy opkyk, het hy drie mans voor hom gesien staan. Toe hy hulle sien, het hy na hulle toe gehardloop en laag gebuig voor hulle.

3Hy het gesê: “Menere, julle sal my gelukkig maak as julle nie by my verbygaan nie.

4Ek sal ’n bietjie water gaan haal sodat julle julle voete kan was, en dan kan julle kom rus onder die boom.

5Ek wil vir julle ’n stukkie brood gaan haal, sodat julle weer nuwe krag kan kry. Ek weet dit is hoekom julle na my toe gekom het. Julle kan verder gaan nadat julle geëet het.” Hulle sê toe vir hom: “Goed, jy moet doen soos jy gesê het.”

6Abraham gaan toe gou na Sara in sy tent en sê vir haar: “Neem gou drie sea van die beste meel, knie dit en bak brood.”

7Daarna het Abraham gou na die beeste gegaan, hy het ’n mooi jong bul-kalf gevang en hy het dit vir ’n slaaf gegee om gaar te maak.

8Toe die kalf gaar is, neem Abraham ook botter en melk en hy gee dit vir die mans. Hy het hulle onder die boom bedien, en hulle het geëet.

9Hulle vra toe vir hom: “Waar is jou vrou Sara?” en hy antwoord: “Sy is hier in die tent.”

10Toe sê die Here: “Ek sal volgende jaar dieselfde tyd terugkom na jou toe. Dan sal jou vrou Sara ’n seun hê. Dit is seker.” Sara was agter Abraham by die tent se deur en sy het dit gehoor.

© Bible Society of South Africa.

11 Abraham en Sara was altwee baie oud, en Sara was al te oud om kinders te kry.

12 Sara het stilletjies gelag en gedink: Kan ek nou nog lus wees om by ’n man te slaap? Nee, ek is te oud en my man ook.

13 Die Here vra toe vir Abraham: “Hoekom het Sara gelag en gedink sy kan nie meer ’n kind kry nie?

14 Is daar iets wat te moeilik is vir die Here? Volgende jaar dieselfde tyd kom Ek terug na jou toe. Sara sal dan ’n seun hê.”

15 Sara was bang. Sy het gestry en gesê: “Ek het nie gelag nie.” Maar die Here het gesê: “Dit is nie waar nie, jy hét gelag.”

Daar is nie tien goeie mense in Sodom nie

16 Die mans het opgestaan om te gaan, en Abraham het ’n entjie saam met hulle gestap. Hulle het na die stad Sodom gekyk.

17 Die Here dink toe: Ek sal nie stilbly nie, Ek sal vir Abraham vertel wat Ek wil doen.

18 Abraham se nageslag sal ’n groot en sterk volk word, en al die mense van die aarde sal sy naam gebruik om te bid dat Ek hulle moet seën soos Ek vir Abraham geseën het.

19 Ek het ’n verbond met Abraham gemaak. Hy moet vir sy seuns en sy nageslag sê om gehoorsaam te wees aan My. Hulle moet doen wat Ek wil hê. Dan sal Ek vir Abraham doen wat Ek vir hom belowe het.

20 Toe sê die Here: “Ek hoor baie mense kla oor die stede Sodom en Gomorra, want daardie mense doen baie sonde.

21 Ek wil afgaan en gaan kyk of hulle regtig doen wat Ek gehoor het. Ek wil dit weet.”

22 Die mans het omgedraai en na Sodom gegaan, maar Abraham het nog voor die Here gestaan.

23 Abraham kom toe nader en vra: “Sal U die goeie mense saam met die slegte mense straf?

24 Miskien is daar 50 goeie mense in die stad. Sal U hulle ook doodmaak en die hele stad straf as daar 50 goeie mense in die stad is?

25 Sal U die goeie mense saam met die slegte mense doodmaak? U sal nie dieselfde doen met goeie mense en met slegte mense nie. U sal dit nooit doen nie. U, die Regter van die hele aarde, sal reg oordeel.”

26 Toe sê die Here: “As Ek in Sodom 50 goeie mense kry, dan sal Ek al die mense in die stad se sonde vergewe.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Toe sê Abraham weer: “Ek is ’n mens wat van stof en as gemaak is. Ek was bang, maar ek hét met die Here gepraat.

28Miskien is daar vyf minder as 50 goeie mense. Sal U die hele stad verwoes oor vyf mense?” Toe sê die Here: “Ek sal dit nie verwoes nie as Ek daar 45 goeie mense kry.”

29Abraham het nog ’n maal met die Here gepraat en gesê: “Miskien is daar 40 goeie mense.” En die Here het gesê: “As daar 40 is, dan sal Ek dit nie doen nie.”

30Toe sê Abraham: “Asseblief, Here, moenie kwaad word as ek praat nie. Miskien is daar 30 goeie mense.” Die Here het geantwoord: “Ek sal dit nie doen nie as Ek daar 30 goeie mense kry.”

31Toe sê Abraham: “Ek was bang, maar ek hét met die Here gepraat. Miskien is daar 20 goeie mense.” En die Here sê: “Ek sal die stad nie verwoes nie as daar 20 goeie mense is.”

32Toe sê Abraham: “Moet asseblief nie kwaad word as ek nog hierdie laaste maal praat nie. Miskien is daar tien goeie mense.” En die Here het gesê: “Ek sal die stad nie verwoes nie as daar tien goeie mense is.”

33Toe die Here klaar met Abraham gepraat het, het Hy weggegaan. Abraham het teruggegaan na sy tent.

Genesis 19

Die engele red vir Lot en sy huisgesin

1Die twee engele het in die aand in die stad Sodom gekom. Lot het by Sodom se poort gesit, en hy het hulle gesien. Hy het opgestaan om hulle te ontmoet en hy het met sy gesig teen die grond gaan lê.

2Hy het gesê: “Menere, kom na my huis. Kom bly vannag daar en kom was julle voete. Dan kan julle môre vroeg opstaan en verder gaan.” Maar hulle het vir hom gesê: “Ons sal hier by die poort slaap.”

3Lot het aangehou om hulle te nooi, en hulle het na sy huis gekom en in sy huis ingegaan. Lot het vir hulle kos gemaak. Hy het ongesuurde brood gebak en hulle het dit geëet.

4Die mans van Sodom het om die huis kom staan voordat Lot-hulle gaan slaap het. Daar was ou mans en jong mans. Hulle het van oral in die stad gekom.

5Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: “Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil seks hê met hulle.”

6Lot het uit sy huis na hulle toe gegaan. Hy het die deur agter hom toegesluit

7en vir hulle gesê: “My broers, asseblief, moenie ’n verkeerde ding doen nie.

© Bible Society of South Africa.

8Luister na my. Ek het twee dogters wat nog nie by ’n man geslaap het nie. Ek sal
hulle na julle toe bring en julle mag dan met hulle doen wat julle wil. Maar julle mag
niks doen aan hierdie mans nie, want hulle het na my huis gekom en ek moet hulle
beskerm.”

9Toe sê die mans van Sodom vir Lot: “Gee pad!” En hulle sê vir mekaar: “Ons het
hierdie man toegelaat om by ons te kom woon, en nou wil hy vir ons sê wat reg is.
Ons sal nog slegter dinge aan hom doen as aan hierdie twee mans.” Hulle het tot by
Lot gehardloop en hulle wou die deur oopbreek.

10Die twee mans wat in die huis was, gryp toe vir Lot en trek hom in die huis in en
sluit die deur.

11Hulle het al die mans wat voor die huis was, blind laat word, die jong mans en die
ou mans, sodat hulle nie die deur van die huis kon kry nie.

12Die twee mans vra toe vir Lot: “Is hier nog van jou mense? Neem jou skoonseuns,
jou seuns en dogters en al jou mense. Neem hulle uit hierdie stad uit,

13want ons gaan die stad verwoes. Die Here het gehoor wat hierdie stad se mense
gedoen het, en Hy het ons gestuur om die plek te verwoes.”

14Lot het gegaan en met die skoonseuns gepraat wat met sy dogters sou trou. Hy het
gesê: “Kom, julle moet uit hierdie plek uitgaan, want die Here gaan die stad
verwoes.” Maar sy skoonseuns het gedink Lot maak ’n grap.

15Toe dit dag word, het die engele vir Lot gesê hy moet gou maak. Hulle het gesê:
“Kom, neem jou vrou en jou twee dogters wat by jou is, sodat die Here jou nie ook
straf wanneer Hy die stad straf nie.”

16Lot het nog ’n bietjie gewag. Toe gryp die twee mans sy hand en sy vrou se hand en
sy twee dogters se hande en hulle neem hulle almal tot buite die stad. Die Here wou
Lot se lewe spaar.

17Nadat die twee mans vir Lot en sy mense tot buite die stad gebring het, sê een van
die mans: “Julle moet vlug as julle wil lewe! Moenie agtertoe kyk nie, en moenie
êrens in die vallei stilstaan nie. Vlug na die berge, anders sal julle sterf!”

18Maar Lot sê vir hulle: “Nee, Menere,

19julle was baie vriendelik met my en julle het so baie vir my gedoen om my lewe te
red. Maar ek kan nie na die berge vlug nie. Ek sal nie tot daar kan kom nie en ek sal
sterf.

20Hier naby is ’n stad. Dit is klein, maar ek kan tot daar vlug. Laat my asseblief
daarnatoe vlug, ek sal daar veilig wees.”

21Die engel sê toe vir Lot: “Goed, jy mag dit ook doen. Ek sal nie daardie stad
verwoes nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Vlug gou daarnatoe, want ek kan niks doen voor jy daar gekom het nie.” Dit is hoekom hulle daardie stad Soar noem.

23Toe die son opkom, het Lot in die stad Soar aangekom.

24Die Here het toe swael wat brand en vuur uit die lug laat val op Sodom en Gomorra.

25Hy het daardie stede verwoes, en die hele suide van die Jordaan-vallei, ook al die mense wat in die stede gewoon het, en al die plante.

26Lot se vrou het agtertoe gekyk en toe verander sy in ’n soutpilaar.

27Abraham het daardie oggend vroeg na die plek gegaan waar die Here met hom gepraat het.

28Hy het gekyk na Sodom en Gomorra en na die hele suide van die Jordaan-vallei. Hy het rook gesien wat uit die aarde kom daar waar die stede was. Dit het gelyk soos rook uit ’n oond.

29Toe God die stede in die suide van die Jordaan-vallei verwoes het, het Hy aan Abraham gedink en Hy het vir Lot laat uitgaan uit die stede wat Hy verwoes het. Dit was die stede waar Lot gewoon het.

Die nageslag van Lot

30Lot het weggegaan uit Soar en hy het in die berge in ’n grot gaan woon, want hy was bang om in Soar te woon. Sy twee dogters het saam met hom gegaan.

31Die oudste dogter sê toe vir die jongste dogter: “Ons pa is oud en ons sal nie hier mans kan kry nie.

32Kom ons gee vir Pa wyn om te drink en dan slaap ons by hom, sodat ons kinders kan kry van hom.”

33Daardie nag het hulle toe vir hulle pa wyn gegee om te drink, en die oudste dogter het by hom gaan slaap. Lot het nie geweet dat sy by hom kom slaap het en weer opgestaan het nie.

34Die volgende oggend het die oudste dogter vir die jongste dogter gesê: “Ek het gisteraand by Pa geslaap. Kom ons gee hom vannag weer wyn en dan gaan slaap jy by hom. So sal ons pa ’n nageslag hê.”

35Hulle gee toe daardie nag weer vir hulle pa wyn, en die jongste dogter het by hom gaan slaap. Hy het nie geweet dat sy by hom kom slaap het en opgestaan het nie.

36Lot se twee dogters het toe swanger geword en hulle het hulle pa se kinders gekry.

37Die oudste dogter het ’n seun gekry en sy het hom Moab genoem. Hy is die voorvader van die Moabiete.

© Bible Society of South Africa.

38Die jongste dogter het ook ’n seun gekry en sy het hom Ben-Ammi genoem. Hy is die voorvader van die Ammoniete.

Genesis 20

Abraham en Abimelek

1Abraham het van Mamre weggegaan na die Suid-land. Hy het gaan woon in die stad Gerar, tussen Kades en Sur. Die mense van die land het hom toegelaat om daar te woon.

2Abraham het vir daardie mense gesê Sara is sy suster. Koning Abimelek van Gerar het toe sy manne gestuur, en hulle het vir Sara gaan haal.

3Abimelek het daardie nag gedroom dat God na hom toe kom en vir hom sê: “Jy sal sterf omdat jy hierdie vrou gevat het, sy is ’n getroude vrou.”

4Abimelek het nog nie by Sara geslaap nie, en hy het gevra: “Here, sal U onskuldige mense doodmaak?

5Abraham het vir my gesê Sara is sy suster, en sy, Sara, het ook gesê Abraham is haar broer. Ek het nie slegte planne in my hart gehad toe ek haar gevat het nie. Ek is onskuldig.”

6Abimelek het gedroom dat God vir hom sê: “Ek weet ook jy het nie slegte planne in jou hart gehad nie. Ek het jou gekeer, en jy het nie sonde gedoen teen My nie. Ek het jou nie toegelaat om aan Sara te raak nie.

7Gee nou Abraham se vrou terug. Hy is ’n profeet en hy sal vir jou bid dat jy kan lewe. As jy haar nie teruggee nie, dan sal jy sterf, jy en almal wat by jou is. Dit is seker.”

8Vroeg die volgende oggend het Abimelek al sy manne geroep en hy het vir hulle alles vertel wat God vir hom gesê het. Die manne het baie bang geword.

9Koning Abimelek roep toe vir Abraham en vra vir hom: “Wat het jy aan ons gedoen en wat het ek verkeerd gedoen teen jou? Hoekom het jy my en my land se mense hierdie groot sonde laat doen? ’n Mens moenie dit met ander mense doen nie.”

10Abimelek het ook vir Abraham gevra: “Wat het jy gedink? Hoekom het jy hierdie slegte ding gedoen?”

11Toe antwoord Abraham: “Ek het gedink niemand in hierdie plek dien God nie, ek het gedink hulle sal my doodmaak om my vrou te kry.

12En ook, sy is regtig my suster. Sy is my pa se dogter, maar sy is nie my ma se dogter nie. Maar sy is ook my vrou.

© Bible Society of South Africa.

13Toe God vir my gesê het ek moet weggaan, weg van my familie, het ek vir haar gevra: ‘Help my asseblief. Jy moet sê ek is jou broer. Jy moet dit doen op elke plek waar ons kom.’ ”

14Abimelek neem toe skape, bokke, beeste, slawe en slavinne en hy gee alles vir Abraham. Hy het ook vir Abraham sy vrou Sara teruggegee.

15Abimelek het vir Abraham gesê: “Hier is my land voor jou. Jy mag woon waar jy wil.”

16En vir Sara het hy gesê: “Ek gee vir jou broer 1 000 stukke silwer, sodat almal wat by jou is, sal stilbly en sodat hulle sal weet alles is reg.”

17Abraham het toe tot God gebid, en God het vir Abimelek en sy vrou en sy slavinne gesond gemaak. Hulle kon toe kinders kry.

18Vóór daardie tyd kon die vroue in Abimelek se huis nie kinders kry nie, want die Here het hulle gestraf omdat Abimelek Abraham se vrou Sara vir homself gevat het.

Genesis 21

Isak word gebore

1Die Here het aan Sara gedink en Hy het vir haar gedoen wat Hy belowe het.

2Sara het swanger geword en sy het vir Abraham ’n seun gekry toe hy al oud was. Sy het die seun gekry op die tyd wat God gesê het dit sal gebeur.

3Abraham het sy seun Isak genoem, die seun wat hy en Sara gekry het.

4Abraham het sy seun Isak besny toe hy ag dae oud was. Hy het dit gedoen soos God vir hom gesê het.

5Abraham was 100 jaar oud toe sy seun Isak gebore is.

6Sara het gesê: “Die mense sal nou lag oor wat God met my gedoen het. Almal wat van Isak hoor, sal vir my lag.

7Niemand sou voorheen vir Abraham gesê het dat kinders aan my bors sou drink nie, maar ek en Abraham het ’n seun gekry toe hy al oud was.”

Abraham stuur vir Hagar en Ismael weg

8Die kind Isak het grootgeword en opgehou om aan Sara te drink. Op daardie dag, toe Sara vir Isak gespeen het, het Abraham ’n groot fees gehou.

9Toe sien Sara dat Ismael lag. Ismael was die seun wat Hagar, die slavin uit Egipte, vir Abraham gekry het.

10Sara sê toe vir Abraham: “Jaag hierdie slavin en haar seun weg. Hierdie seun van die slavin mag nie erf saam met my seun Isak nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Abraham het gedink dit is verkeerd wat Sara gesê het oor sy seun Ismael.

12Maar God het vir Abraham gesê: “Moenie dink dit is verkeerd wat Sara gesê het oor jou seun en oor jou slavin nie. Luister na alles wat sy vir jou sê, want die nageslag van Isak sal jóú nageslag wees.

13Maar Ek sal die seun van jou slavin ook ’n volk laat word, want hy is jou kind.”

14Abraham het vroeg die volgende oggend brood en ’n velsak vol water geneem en hy het dit vir Hagar gegee. Hy het dit op haar skouer gesit en hy het haar en die kind weggestuur. Hagar het gegaan en sy het in die Berseba-woestyn rondgeswerf.

15Toe die water in die velsak op was, het sy die kind onder ’n boompie neergesit.

16Sy het ’n bietjie verder gaan sit, omtrent so ver soos ’n mens met ’n pyl kan skiet. Sy het gesê: “Ek wil nie sien hoe my kind sterf nie.” Sy het ’n bietjie verder gaan sit en sy het hard begin huil.

17God het gehoor dat die seun huil. Die Engel van God het uit die hemel met Hagar gepraat en Hy het vir haar gevra: “Wat is fout, Hagar? Moenie bang wees nie, want God het gehoor dat die seun huil daar waar hy lê.

18Staan op en tel jou kind op. Help hom, want Ek sal hom ’n groot volk laat word.”

19God het Hagar se oë oopgemaak, en sy het ’n fontein gesien. Sy het die velsak vol water gaan maak en sy het haar seun daarvan laat drink.

20God was altyd by Ismael. Hy het grootgeword en in die woestyn gewoon. Hy het geleer om baie goed met ’n pyl en boog te skiet.

21Hy het in die Paran-woestyn gewoon. Sy ma het vir hom ’n vrou uit Egipte gekry, en hy het met haar getrou.

Abraham en Abimelek maak ’n ooreenkoms

22In daardie tyd het koning Abimelek en Pikol, die hoof van sy leër, vir Abraham gesê: “God help jou met alles wat jy doen.

23Jy moet nou belowe dat jy nie vals sal wees teen my of teen my kinders of my nageslag nie. Ek was vriendelik met jou, en jy moet ook vriendelik wees met my en met hierdie land waar jy ’n vreemdeling is.”

24Abraham het gesê: “Ek belowe.”

25Later het Abimelek se manne ’n put van Abraham vir hulleself gevat. Abraham het by Abimelek daaroor gekla.

26Maar Abimelek het gesê: “Ek weet nie wie dit gedoen het nie. Jy het ook nie voorheen vir my daarvan vertel nie. Ek het vandag die eerste maal daarvan gehoor.”

© Bible Society of South Africa.

[27]Abraham neem toe skape, bokke en beeste, en hy gee dit vir Abimelek. So het hulle twee ’n ooreenkoms gemaak.

[28]Maar Abraham het sewe skaap-lammers apart gehou,

[29]en Abimelek het vir Abraham gevra: “Wat wil jy doen met daardie sewe lammers wat jy apart gehou het?”

[30]Abraham het geantwoord: “Jy moet hierdie sewe lammers van my neem. As jy dit neem, dan sal dit beteken jy weet dat dit ek is wat hierdie put gegrawe het, nie jou manne nie.”

[31]Daarom noem hulle die plek Berseba, want hulle twee het daar ’n ooreenkoms gemaak. Hulle het belowe dat hulle nie die ooreenkoms sal breek nie.

[32]Nadat hulle die ooreenkoms by Berseba gemaak het, het Abimelek en Pikol, die hoof van sy leër, teruggegaan na die Filistyne se land.

[33]Abraham het ’n tamariskboom by Berseba geplant. Hy het die Here, die ewige God, aanbid.

[34]Abraham het lank in die Filistyne se land gewoon. Hulle het hom toegelaat om daar te woon.

Genesis 22

God toets vir Abraham

[1]Daarna het God vir Abraham getoets. Hy het vir Abraham gesê: “Abraham!” En Abraham het geantwoord: “Hier is ek!”

[2]Toe sê God: “Neem jou seun, jou enigste seun vir wie jy lief is, neem vir Isak en gaan na Moria-land. Jy moet jou seun daar vir My offer. Hy moet die brand-offer wees. Jy moet hom offer op een van die berge wat Ek vir jou sal wys.”

[3]Die volgende oggend vroeg het Abraham sy donkie opgesaal. Hy het twee van sy slawe en sy seun Isak saamgeneem. Hy het hout gekap vir die brand-offer, en hy het na die plek gegaan wat God vir hom gesê het.

[4]Op die derde dag het Abraham die plek ver weg gesien.

[5]Toe sê Abraham vir sy slawe: “Bly hier by die donkie. Ek en my seun gaan daarnatoe. As ons klaar die Here aanbid het, dan sal ons terugkom na julle toe.”

[6]Abraham het die hout vir die brand-offer geneem en hy het dit op sy seun Isak gesit. Hy het self die kole vuur en die mes geneem, en hulle twee het saam geloop.

[7]Isak sê toe vir sy pa Abraham: “Pa?” En Abraham antwoord: “Hier is ek, my seun.” Isak vra toe: “Hier is die vuur en die hout, maar waar is die skaap vir die brand-offer?”

© Bible Society of South Africa.

[8]En Abraham sê: “My seun, God sal self die skaap vir die brand-offer gee.” Hulle twee het saam verder geloop.

[9]Toe hulle by die plek kom wat God vir Abraham gesê het, het Abraham daar ’n altaar gebou en hy het die hout uitgepak. Hy het sy seun Isak vasgebind en hom op die altaar gesit, bo-op die hout.

[10]Abraham steek toe sy hand uit en neem die mes om sy seun dood te maak,

[11]maar toe roep die Engel van die Here uit die hemel vir hom en sê: “Abraham! Abraham!” En hy antwoord: “Hier is ek!”

[12]Toe sê God: “Moenie aan jou seun raak of iets aan hom doen nie, want nou weet Ek dat jy My wil dien. Jy het nie geweier om jou enigste seun vir My te offer nie.”

[13]Toe Abraham rondkyk, sien hy ’n skaap-ram. Die ram se horings was vas in ’n bos. Abraham het gegaan en hy het die ram gevat en hy het die ram in sy seun se plek ge-offer.

[14]Abraham noem toe die plek “Die Here gee wat jy nodig het.” Die mense sê vandag nog: “Die Here sal op sy berg gee wat jy nodig het.”

[15]Die Engel van die Here het weer uit die hemel met Abraham gepraat

[16]en gesê: “Jy het gedoen wat Ek gevra het. Jy het nie geweier om jou seun te offer nie. Daarom belowe Ek, die Here,

[17]dat Ek jou baie sal seën. Ek sal jou nageslag baie maak, so baie soos die sterre in die lug en so baie soos die sand langs die see. Jou nageslag sal hulle vyande se stede oorwin.

[18]Al die volke van die aarde sal My vra om hulle te seën soos Ek jou nageslag sal seën. Ek sal dit doen omdat jy gedoen het wat Ek gesê het.”

[19]Abraham het teruggegaan na sy slawe toe, en hulle het saam na Berseba gegaan. Abraham het in Berseba gewoon.

[20]Daarna het Abraham gehoor dat sy broer Nahor se vrou Milka kinders gekry het.

[21]Die oudste seun was Us, en sy broers was Bus en Kemuel. Kemuel was die voorvader van die Arameërs.

[22]Sy ander broers was Kesed, Gaso, Pildas, Jidlaf en Betuel.

[23]Betuel was die pa van Rebekka. Milka het hierdie ag seuns gekry vir Nahor, Abraham se broer.

[24]Nahor het ook ’n byvrou gehad. Haar naam was Reüma en sy het ook vir hom seuns gekry. Hulle name was Tebag, Gagam, Tagas en Maäka.

Genesis 23

© Bible Society of South Africa.

Sara sterf

1Sara het 127 jaar oud geword.

2Sy het gesterf in die stad Kirjat-Arba, dit is Hebron, in die land Kanaän. Abraham het oor Sara gehuil en gerou.

3Daarna het Abraham opgestaan en weggegaan van sy vrou se lyk. Hy het met die Hetiete gaan praat en vir hulle gesê:

4"Ek is 'n vreemdeling, ek woon nie altyd hier by julle nie. Ek wil asseblief by julle 'n stuk grond hê wat my eie kan wees, sodat ek my vrou daar kan begrawe."

5Die Hetiete het vir Abraham gesê:

6"Luister na ons, Meneer. Jy is een van ons belangrike leiers. Begrawe jou vrou in die beste graf wat ons het. Nie een van ons sal weier as jy jou vrou in sy graf wil begrawe nie."

7Toe kom Abraham en hy buig voor die land se mense, die Hetiete.

8Hy sê toe vir hulle: "As julle my sal toelaat om my vrou hier te begrawe, luister dan na my en praat met Efron, die seun van Sogar.

9Vra vir hom of hy die Makpela-grot aan my sal verkoop. Die grot behoort aan hom, dit is op sy grond naby die kant. Ek sal vir hom betaal wat hy wil hê, sodat die graf aan my kan behoort. Julle moet almal daar wees wanneer hy dit aan my verkoop."

10Efron het tussen die Hetiete gesit. Hy het Abraham geantwoord, en almal wat by die stad se poort ingekom het, kon hoor wat hy sê. Hy het gesê:

11"Nee, Meneer, luister na my. Ek gee die grond vir jou en ook die grot wat daarop is. Ek gee dit vir jou hier waar my mense dit sien. Begrawe jou vrou daar."

12Toe buig Abraham voor die land se mense,

13en hy sê vir Efron sodat almal dit kan hoor: "Luister asseblief na my. Ek sal betaal vir die grond. Neem my geld sodat ek my vrou daar kan begrawe."

14Efron antwoord toe vir Abraham:

15"Meneer, luister na my. Die stuk grond kos 400 sikkels silwer. Maar wat maak dit saak tussen my en jou? Begrawe jou vrou daar."

16Abraham het na Efron geluister. Hy het die silwer geweeg en vir Efron gegee. Dit was soveel silwer soos Efron voor die Hetiete gesê het, 400 sikkels, soos 'n handelaar dit weeg.

17So het Efron sy grond in Makpela verkoop. Dit was die grond oorkant Mamre, die grond en die grot en al die bome daarop.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18Dit het Abraham se grond geword. Al die Hetiete wat by die stad se poort was, het gesien dat Abraham daarvoor betaal het.

19Daarna het Abraham sy vrou Sara begrawe in die grot op die Makpela-grond oorkant Mamre, dit is die stad Hebron, in die land Kanaän.

20So het die grond en die grot wat voorheen aan die Hetiete behoort het, Abraham se grond geword. Abraham het dit gebruik om sy mense daar te begrawe.

Genesis 24

Abraham stuur sy slaaf om vir Isak ’n vrou te gaan haal

1Abraham was al baie oud. Die Here het Abraham baie ryk gemaak.

2Abraham het vir sy hoofslaaf, die slaaf wat al sy goed opgepas het, gesê: “Sit asseblief jou hand onder my heup

3en belowe voor die Here, die God van die hemel en die aarde. Belowe dat jy nie my seun sal laat trou met ’n dogter van die Kanaäniete tussen wie ek woon nie.

4Belowe dat jy na my eie land en my familie sal gaan en dat jy daar vir my seun Isak ’n vrou sal gaan haal.”

5Toe sê die slaaf vir Abraham: “Maar miskien sal die vrou nie saam met my na hierdie land wil kom nie. Moet ek dan jou seun laat teruggaan na Mesopotamië, die land van waar jy kom?”

6Abraham het vir die slaaf gesê: “Jy moet nooit my seun na daardie land laat teruggaan nie.

7Die Here, die God van die hemel wat my uit my pa se familie en uit my geboorteland laat trek het, het met my gepraat en Hy het vir my belowe: ‘Ek sal hierdie land vir jou nageslag gee.’ Die Here sal sy engel stuur en jy sal hom volg, sodat jy vir my seun daar in my eie land ’n vrou kan kry.

8As die vrou nie saam met jou wil kom nie, dan kan jy nie doen wat jy belowe het nie. Maar jy moet nooit my seun daarnatoe laat teruggaan nie.”

9Die slaaf sit toe sy hand onder sy eienaar Abraham se heup en hy belowe dat hy sal doen wat Abraham gevra het.

10Die slaaf neem toe tien kamele van sy eienaar en hy gaan. Hy het baie presente van Abraham saamgeneem. Hy het na die land Mesopotamië gegaan, na die stad waar Nahor gewoon het.

Abraham se slaaf ontmoet vir Rebekka

11Een middag laat het die slaaf die kamele laat rus by ’n fontein buite die stad. Dit was die tyd wanneer die meisies elke dag water kom haal het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Die slaaf het gebid: “Here, God van my eienaar Abraham, U moet asseblief vandag
’n goeie ding met my laat gebeur en U moet goed wees vir my eienaar Abraham.

13Kyk, ek staan hier by die fontein, en die meisies kom uit die stad om water te kom
skep.

14Ek sal vir ’n meisie vra: ‘Hou asseblief jou waterkruik sodat ek kan drink.’ As sy dan
sê: ‘Jy mag drink, en ek sal jou kamele ook laat drink,’ dan sal ek weet U het haar
gekies vir u dienaar Isak. Dan sal ek ook weet dat U doen wat U vir my eienaar
belowe het.”

15Hy was besig om dit te sê, toe kom Rebekka daar. Sy het haar waterkruik op haar
skouer gedra. Sy was die dogter van Betuel, en Betuel was die seun van Abraham se
broer Nahor en sy vrou Milka.

16Die jong meisie was baie mooi, en sy het nog nie by ’n man geslaap nie. Sy het
afgegaan na die fontein en sy het haar waterkruik volgemaak en weer boontoe
gekom.

17Die slaaf het na haar toe gehardloop en gevra: “Gee my asseblief ’n bietjie water
uit jou waterkruik.”

18Sy het gesê: “Drink, Meneer.” Sy het die waterkruik gou tot op haar hand laat sak
en sy het vir hom water gegee om te drink.

19Toe hy klaar gedrink het, sê sy: “Ek sal ook vir jou kamele water skep totdat hulle
genoeg gedrink het.”

20Sy gooi toe gou die water van haar kruik in die drinkbak en hardloop weer af na die
fontein om water te skep. So het sy vir al die kamele water gegee.

21Die slaaf het na haar gekyk om te sien of die Here vir hom die regte vrou gewys het
of nie.

22Toe die kamele klaar gedrink het, neem die man ’n goue ring wat ’n halfsikkel
weeg, en sit dit aan haar neus. Hy het twee goue armbande geneem, elke armband
het tien sikkels geweeg, en hy het dit aan haar arms gesit.

23Hy vra toe: “Wie se dogter is jy? Sê asseblief vir my, is daar slaapplek vir ons in jou
pa se huis?”

24Sy het vir hom gesê: “Ek is ’n dogter van Betuel. Hy is die seun van Milka en Nahor.

25Daar is baie strooi en voer by ons, en ook slaapplek.”

26Die slaaf het gekniel en voor die Here gebuig

27en gesê: “Ek prys U, Here, God van my eienaar Abraham. U was goed vir my
eienaar en U het gedoen wat U belowe het. U het my gelei na my eienaar se broer
toe.”

© Bible Society of South Africa.

Abraham se slaaf praat met Rebekka se familie

28 Die dogter het huis toe gehardloop en sy het vir haar ma gaan vertel wat gebeur het.

29 Rebekka het ’n broer gehad. Sy naam was Laban. Laban het na die man toe gehardloop by die fontein.

30 Hy het die neusring gesien en die armbande aan sy suster se arms. Toe hy hoor sy suster Rebekka vertel wat die man gesê het, het hy na die man toe gegaan. Die man het by die kamele by die fontein gestaan.

31 Laban sê toe vir hom: “Kom saam. Die Here het jou geseën. Hoekom staan jy hier buite? Ek het al klaar die huis gereedgemaak vir jou en ook die plek vir die kamele.”

32 Hy het die man huis toe gebring, die kamele losgemaak en vir hulle strooi en kos gegee. Hy het vir die man water gegee om sy voete te was en ook vir die ander mans wat by hom was.

33 Hulle bring toe ook vir die man kos, maar hy sê: “Ek mag nie eet nie, ek moet eers vertel hoekom ek gekom het.” En Laban sê: “Praat.”

34 Toe sê hy: “Ek is ’n slaaf van Abraham.

35 Die Here het my eienaar baie geseën, en hy het ryk geword. Die Here het skape en bokke en beeste vir hom gegee, en ook silwer en goud, slawe en slavinne, kamele en donkies.

36 “My eienaar se vrou Sara het ’n seun gekry toe sy al oud was, en Abraham het vir die seun alles gegee wat hy het.

37 Maar my eienaar het vir my gesê: ‘Ek woon in die land van die Kanaäniete, maar ek wil nie hê my seun moet met een van hulle dogters trou nie.’ “Ek moes dit belowe.

38 Hy het vir my gesê: ‘Jy moet na my pa se familie toe gaan, na my eie mense toe, en jy moet daar vir my seun ’n vrou gaan haal.’

39 Ek het vir my eienaar gesê: ‘Maar miskien sal die vrou nie saam met my wil kom nie.’

40 En hy het toe vir my gesê: ‘Ek dien die Here. Hy sal sy engel saam met jou stuur en Hy sal jou help om by my eie mense vir my seun ’n vrou te kry, by my pa se familie.

41 As jy by my familie kom en hulle wil haar nie vir jou gee nie, dan kan jy nie doen wat jy vir my belowe het nie.’

42 Ek het vandag by die fontein gekom en ek het gebid: ‘Here, God van my eienaar Abraham, help my om reg te kry wat ek moet doen.

43 Ek is nou hier by die fontein en ek sal vir die meisie wat water kom skep, sê: “Laat my asseblief ’n bietjie water uit jou waterkruik drink.”

© Bible Society of South Africa.

44 En as sy vir my sê: “Jy mag drink, en ek sal vir jou kamele ook water skep,” dan sal
ek weet sy is die vrou wat die Here vir my eienaar se seun gekies het.’

45 Ek het nog nie klaar gebid nie, toe kom Rebekka daar. Sy het haar waterkruik op
haar skouer gedra en sy het afgegaan na die fontein en water geskep. Ek sê toe vir
haar: ‘Laat my asseblief water drink.’

46 Sy het dadelik haar waterkruik laat sak en vir my gesê: ‘Drink, en ek sal vir jou
kamele ook water gee.’ Ek het toe gedrink, en sy het vir die kamele ook water gegee.

47 Ek het vir haar gevra: ‘Wie se dogter is jy?’ En sy het gesê: ‘Ek is Betuel se dogter.
Betuel is Nahor en Milka se seun.’ Toe het ek die ring aan haar neus gesit en die
armbande aan haar arms.

48 Ek het gekniel en ek het die Here, die God van my eienaar Abraham, geprys. Hy het
my reg gelei om die dogter van my eienaar se broer vir sy seun te kry.

49 En nou, as julle goed wil wees vir my eienaar, sê dit vir my. Of as julle nie wil nie, sê
dit ook vir my, sodat ek kan weet wat ek moet doen.”

Rebekka word Isak se vrou

50 Toe sê Laban en Betuel vir hom: “Hierdie plan kom van die Here. Ons kan nie vir
jou ja of nee sê nie.

51 Hier is Rebekka voor jou. Neem haar en gaan terug, sodat sy die vrou van jou
eienaar se seun kan word. Dit is wat die Here gesê het.”

52 Toe Abraham se slaaf hoor wat hulle sê, het hy gebuig voor die Here.

53 Hy het presente van silwer en goud uitgehaal, en ook klere, en hy het dit vir
Rebekka gegee. Hy het ook vir haar broer en haar ma duur presente gegee.

54 Hy en die ander mans wat by hom was, het geëet en gedrink en gaan slaap. Toe
hulle die volgende oggend opstaan, het hy gesê: “Nou wil ek teruggaan na my
eienaar toe.”

55 Maar Rebekka se broer en haar ma het gesê: “Jy moet asseblief ons dogter nog
tien dae by ons laat bly, dan mag jy gaan.”

56 Die slaaf sê toe vir hulle: “Julle moet my nie terughou nie. Die Here het my gehelp
om reg te kry wat ek moes doen. Julle moet my laat gaan, sodat ek kan teruggaan na
my eienaar toe.”

57 Hulle het gesê: “Kom ons roep die dogter en vra vir haar.”

58 Hulle roep toe vir Rebekka en vra vir haar: “Wil jy nou dadelik saamgaan met
hierdie man?” En sy antwoord: “Ja, ek wil gaan.”

59 Hulle het Rebekka en die vrou wat haar grootgemaak het, laat saamgaan met
Abraham se slaaf en die ander mans.

© Bible Society of South Africa.

60Hulle het Rebekka gegroet en vir haar gesê: “Ons suster, ons bid dat die Here jou sal seën, sodat jou nageslag baie duisende sal wees, sodat hulle ook al hulle vyande se stede sal oorwin.”

61Rebekka en haar slavinne het toe gereedgemaak. Hulle het op die kamele geklim en saam met die man gegaan. So het die slaaf dit reggekry dat Rebekka met hom saamgegaan het.

62Isak het in die Suid-land gewoon. Hy het van Lagai-Roï-fontein gekom

63en hy het die middag laat in die veld gaan stap. Hy het kamele gesien aankom.

64Toe Rebekka vir Isak sien, het sy van die kameel afgeklim

65en vir die slaaf gevra: “Wie is daardie man wat in die veld na ons toe aankom?” Die slaaf het gesê: “Dit is my eienaar.” Rebekka het toe haar gesig toegemaak met ’n sluier.

66Die slaaf het vir Isak alles vertel wat hy gedoen het.

67Isak het vir Rebekka na sy ma Sara se tent gebring. Hy het met Rebekka getrou. Hy het lief geword vir haar, en toe sy ma sterf, was Rebekka daar om by hom te wees.

Genesis 25

Abraham trou weer

1Abraham het weer getrou. Die vrou se naam was Ketura.

2Ketura en Abraham se seuns was Simran, Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag.

3Joksan was die pa van Skeba en Dedan. Dedan se nageslag was die mense van Assur, Letus en Leüm.

4Midian se seuns was Efa, Efer, Ganok, Abida en Eldaä. Hulle was almal die nageslag van Ketura.

5Isak het alles gekry wat Abraham gehad het.

6Abraham het vir die kinders van sy byvrou Ketura presente gegee terwyl hy nog gelewe het, en hy het hulle weggestuur na die ooste, weg van Isak.

Abraham sterf en word begrawe

7Abraham het 175 jaar oud geword.

8Hy was baie oud. Hy het gesterf en hy is begrawe.

9Sy seuns Isak en Ismael het hom begrawe in die Makpela-grot oorkant Mamre. Dit was op die grond wat voorheen behoort het aan Efron die Hetiet. Efron was die seun van Sogar.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10 Abraham het voorheen hierdie stuk grond gekoop by die Hetiete en hy het sy vrou
Sara daar begrawe.

11 Ná Abraham se dood het God Abraham se seun Isak geseën, en Isak het by Lagai-
Roï-fontein gaan woon.

Ismael se nageslag

12 Hier is ’n lys van die nageslag van Ismael, Abraham en Hagar se seun. Hagar was
Sara se slavin. Sy het uit Egipte gekom.

13 Hier is die name van Ismael se nageslag: Ismael se oudste seun was Nebajot. Die
ander seuns was Kedar, Adbeël, Mibsam,

14 Misma, Duma, Massa,

15 Gadad, Tema, Jetur, Nafis en Kedma.

16 Dit is die name van Ismael se twaalf seuns. Hulle was leiers van hulle families
en stamme. Hulle het in kampe en klein dorpies gewoon. Die plekke en die seuns het
dieselfde name gehad.

17 Ismael het 137 jaar oud geword. Toe het hy gesterf en hulle het hom begrawe.

18 Ismael se nageslag het tussen Gawila en Sur gewoon. Sur was oos van Egipte naby
Assur. Ismael het weg van sy familie gaan woon.

Isak en Rebekka se seuns

19 Hier is die verhaal van Isak, Abraham se seun.

20 Toe Isak 40 jaar oud was, het hy getrou met Rebekka, die dogter van Betuel, ’n
Arameër uit Paddan-Aram. Sy was die suster van Laban die Arameër.

21 Isak het tot die Here gebid oor sy vrou, want sy kon nie kinders kry nie. Die Here
het geluister na sy gebed, en sy vrou Rebekka het swanger geword.

22 Die kinders in haar het baie teen mekaar geskop, en sy het gesê: “Hoekom skop die
kinders so?” Sy het gaan bid en vir die Here gevra hoekom dit gebeur.

23 Die Here het vir haar gesê: “Die twee kinders in jou sal mekaar se vyande word.
Hulle sal twee volke word. Die een volk sal sterker wees as die ander volk, en die
oudste sal die jongste dien.”

24 Toe die kinders gebore is, was dit ’n tweeling.

25 Toe die eerste seun gebore is, sien hulle hy is rooi en hy het baie hare op sy lyf, so
baie hare soos op ’n dier se vel. Daarom het hulle hom Esau genoem.

26 Daarna is sy broer gebore. Sy broer se hand het aan Esau se voet vasgehou. Hulle
het hom Jakob genoem. Isak was 60 jaar oud toe die twee seuns gebore is.

© Bible Society of South Africa.

27Die seuns het grootgeword, en Esau kon goed jag. Hy het gehou van die veld. Jakob was ’n rustige man en hy het geboer met skape en bokke.

28Isak was meer lief vir Esau, want Isak het gehou van wildsvleis. Maar Rebekka was meer lief vir Jakob.

Esau gee sy regte weg

29Eendag was Jakob besig om sop te kook. Esau het van die veld gekom en hy was baie moeg.

30Esau sê toe vir Jakob: “Ek is baie honger. Gee my asseblief van daardie rooi sop van jou.” Daarom het hulle Esau ook Edom genoem.

31Maar Jakob sê vir hom: “Gee dan vir my eers die regte wat jy het omdat jy eerste gebore is.”

32Toe sê Esau: “Goed. Ek is baie honger. Ek voel ek sal sterf. Die regte sal my niks help wanneer ek dood is nie.”

33Jakob sê toe: “Jy moet dit eers vir my belowe.” Esau het dit belowe en hy het sy regte vir Jakob gegee.

34Jakob het vir Esau brood en die lensiesop gegee. Esau het dit geëet en hy het opgestaan en geloop. So het Esau sy regte weggegee. Dit was nie vir hom belangrik nie.

Genesis 26

Die Here belowe om vir Isak die land en ’n groot nageslag te gee

1Daar was weer hongersnood in die land, soos dit was in die tyd toe Abraham gelewe het. Isak het na Abimelek toe gegaan. Abimelek was die koning van die Filistyne in die land Gerar.

2Die Here het aan Isak verskyn en vir hom gesê: “Moenie verder gaan na Egipte nie. Jy moet woon in die land wat Ek vir jou sal sê.

3Jy moet in hierdie land woon en ’n vreemdeling wees. Ek sal by jou wees en Ek sal jou seën. Ek sal die hele land vir jou en jou nageslag gee. Ek sal doen wat Ek vir jou pa Abraham belowe het.

4Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sterre in die lug, en Ek sal vir jou nageslag hierdie hele land gee. Al die volke van die aarde sal My vra om hulle ook te seën soos Ek jou nageslag sal seën.

5Ek sal dit doen omdat Abraham na My geluister het en gedoen het wat Ek gesê het. Hy was gehoorsaam aan My.”

Isak en Abimelek

6Isak het toe in die land Gerar gebly.

© Bible Society of South Africa.

7Die mans van daardie plek het vrae gevra oor sy vrou Rebekka, en hy het gesê: “Sy is
my suster.” Hy wou nie sê dat Rebekka sy vrou is nie. Hy was bang dat hulle hom sal
doodmaak en dat hulle sy vrou sal vat, want sy was baie mooi.

8Isak het lank daar gewoon. Toe koning Abimelek eendag by die venster uitkyk, sien
hy hoe Isak sy vrou Rebekka in sy arms vashou en soen.

9Toe roep Abimelek vir Isak en hy sê vir hom: “Ek sien Rebekka is jou vrou. Hoekom
het jy gesê sy is jou suster?” Isak het vir hom gesê: “Ek het gedink julle sal my
doodmaak as ek sê sy is my vrou.”

10Abimelek sê toe: “Wat het jy aan ons gedoen? As een van ons mans by jou vrou
geslaap het, dan het ons sonde gedoen, en dan was dit jou skuld.”

11Abimelek het vir al sy mense gesê: “Julle mag nie aan hierdie man of sy vrou raak
nie. Die een wat dit doen, sal sterf. Dit is seker!”

12Isak het koring gesaai in daardie land en hy het daardie jaar 100 maal meer koring
gekry as wat hy gesaai het. Die Here het hom geseën,

13en hy het ’n baie ryk man geword.

14Hy het baie skape en bokke gehad, ook baie beeste en baie slawe. Hy het baie
goed gehad, en die Filistyne het jaloers geword.

15Die slawe van Isak se pa Abraham het voorheen putte daar gegrawe, en die
Filistyne het al die putte vol grond gegooi.

16Abimelek het ook nog vir Isak gesê: “Jy moet weggaan van ons, want jy het baie
ryker as ons geword.”

17Isak het toe weggegaan en hy het gaan woon by die Gerar-riviertjie.

18Isak het al die putte oopgemaak wat Abraham gegrawe het en wat die Filistyne
toegegooi het. Abraham het name gegee vir die putte, en Isak het weer dieselfde
name vir die putte gegee. Abraham was toe al dood.

19Isak se slawe het ’n put gegrawe in ’n vallei en hulle het baie water gekry.

20Die skaapwagters van Gerar het gestry met Isak se skaapwagters. Hulle het gesê:
“Dit is ons water!” Isak noem toe die put “Stryery,” omdat hulle daar met sy
skaapwagters gestry het.

21Isak se skaapwagters het nog ’n put gegrawe, maar die skaapwagters van Gerar het
nog altyd gekla. Toe noem Isak die put “Klagte.”

22Isak het verder getrek en hy het nog ’n put gegrawe. Die skaapwagters het nie
gestry oor hierdie put nie. Hy noem die put toe “Oop Plek,” en hy sê: “Nou het die
Here vir ons genoeg plek gegee. Dit sal nou met ons goed gaan in hierdie land.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Daarna het Isak na die stad Berseba gegaan.

24Daardie nag het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: “Ek is die God van jou pa Abraham. Moenie bang wees nie, Ek is by jou. Ek sal jou seën en Ek sal jou nageslag baie maak. Ek sal dit doen omdat Ek lief was vir my dienaar Abraham.”

25Isak het daar ’n altaar gebou. Hy het die Here aanbid. Isak het sy tent daar opgeslaan, en sy slawe het ’n put gegrawe.

26Toe kom Abimelek uit Gerar na Isak toe. Abimelek se raadgewer Agussat, en Pikol, die hoof van sy leër, was saam met hom.

27Isak sê toe vir hulle: “Hoekom kom julle na my toe? Ek weet julle haat my. Julle het my weggestuur van julle.”

28Hulle sê toe vir Isak: “Ons het duidelik gesien dat die Here by jou is en dat Hy jou seën. Toe het ons gedink daar moet ’n ooreenkoms wees tussen ons.

29Jy moet belowe dat jy nie slegte dinge sal doen aan ons nie. Ons het ook nie slegte dinge aan jou gedoen nie. Ek was net goed vir jou en ek laat jou in vrede gaan. Almal kan sien dat die Here jou seën.”

30Isak het toe vir hulle ’n groot ete gegee, en hulle het geëet en gedrink.

31Die volgende oggend vroeg het hulle ’n ooreenkoms gemaak. Isak het hulle laat gaan, en hulle het in vrede weggegaan.

32Daardie dag het Isak se slawe na hom toe gekom en hulle het vir hom vertel van nog ’n put wat hulle gegrawe het. Hulle het vir hom gesê: “Ons het water gekry.”

33Hy het die put toe Berseba genoem. Dit is vandag nog ook die stad se naam.

Esau trou met twee vroue

34Toe Esau 40 jaar oud was, het hy getrou met twee vroue. Die een vrou was Jehudit, die dogter van Beëri, en die ander vrou was Basemat, die dogter van Elon. Altwee vroue was Hetiete.

35Isak en Rebekka was baie ongelukkig oor hierdie twee vroue van Esau.

Genesis 27

Isak wil vir Esau seën

1Isak was al baie oud. Hy kon nie meer sien nie. Hy roep toe sy oudste seun Esau en hy sê vir hom: “My seun.” En Esau sê: “Hier is ek.”

2Toe sê Isak: “Ek is baie oud, en ek weet nie hoe lank ek nog sal lewe nie.

3Neem asseblief jou pyl en boog en gaan skiet vir my ’n wildsbok in die veld.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Maak dit dan vir my lekker gaar soos ek daarvan hou en bring dit vir my. Ek wil dit eet en dan wil ek jou seën voordat ek sterf."

Isak seën vir Jakob

5Rebekka het gehoor wat Isak vir sy seun Esau sê. Toe Esau na die veld gegaan het om 'n bok te gaan skiet,

6sê Rebekka vir haar seun Jakob: "Ek het gehoor jou pa praat met jou broer. Hy het vir Esau gesê

7dat hy 'n bok moet gaan skiet en dat hy dit vir hom moet gaarmaak. Jou pa wil dit eet en dan wil hy vir Esau seën voordat hy sterf.

8My seun, luister nou mooi na my en doen wat ek vir jou sê.

9Gaan vang gou twee mooi bok-lammers. Ek sal hulle gaarmaak soos jou pa daarvan hou.

10Dan bring jy dit vir jou pa sodat hy dit kan eet en sodat hy jou kan seën voordat hy sterf."

11Jakob sê toe vir Rebekka: "Maar Esau se vel is vol hare en my vel is glad.

12Miskien voel Pa aan my, en dan dink hy dat ek met hom wil spot. Dan sal hy my vervloek en my nie seën nie."

13Toe sê sy ma vir hom: "My seun, as jou pa jou vervloek, dan sal die straf op my kom. Jy moet luister na my. Gaan vang vir my die twee bokkies."

14Jakob het gegaan en hy het die bokkies gevang en vir sy ma gebring. Sy het hulle gaargemaak soos sy pa daarvan hou.

15Toe neem Rebekka haar oudste seun Esau se klere wat by haar in die tent was, en sy trek dit vir haar jongste seun aan.

16Sy neem ook die bok-lammers se velle en sy trek dit om Jakob se arms en om sy gladde nek.

17Toe gee sy die lekker vleis en die brood wat sy gemaak het vir haar seun Jakob,

18en hy gaan na sy pa toe en sê vir hom: "Pa." En Isak sê: "Hier is ek. Wie is jy, my seun?"

19Jakob het vir sy pa gesê: "Ek is Pa se oudste seun Esau. Ek het gemaak soos Pa vir my gesê het. Sit asseblief regop en eet van my wildsvleis sodat Pa my kan seën."

20Toe vra Isak vir sy seun: "Hoe het jy so gou 'n bok gekry, my seun?" En Jakob antwoord: "Die Here, Pa se God, het my gehelp om gou 'n bok te kry."

21Isak sê toe vir Jakob: "My seun, kom asseblief nader sodat ek aan jou kan voel. Is jy my seun Esau of nie?"

© Bible Society of South Africa.

22Jakob het nader gekom na sy pa Isak toe, en Isak het aan hom gevoel. Hy sê toe:
“Jou stem is soos Jakob se stem, maar jou arms voel soos Esau se arms.”

23Isak het nie geweet dat dit Jakob is nie, want Jakob se arms was vol hare soos sy
broer Esau se arms. Isak het toe vir Jakob geseën.

24Maar hy het eers weer gevra: “Is jy regtig my seun Esau?” En Jakob het gesê: “Ja,
ek is.”

25Toe sê Isak: “My seun, bring vir my die wildsvleis, sodat ek daarvan kan eet, want
Ek wil jou seën.” Jakob gee dit toe vir hom, en hy het geëet. Jakob het ook wyn vir
hom gebring, en hy het dit gedrink.

26Toe sê sy pa Isak vir hom: “My seun, kom asseblief nader en soen my.”

27En Jakob het nader gegaan en hom gesoen. Isak het die klere geruik wat Jakob
aangehad het, en toe het hy vir Jakob geseën en gesê: “My seun ruik soos die veld
wat die Here geseën het.

28Ek bid dat God vir jou van die hemel se dou sal gee en die beste van alles wat uit
die aarde kom. Ek bid dat jy baie koring en wyn sal hê.

29Ek bid dat ander volke jou sal dien en dat die mense van ander lande voor jou sal
buig. Jy sal die hoof wees oor jou broer, en hy sal voor jou buig. As iemand
jou vervloek, dan sal die Here hom vervloek, en as iemand jou seën, dan sal die
Here hom seën.”

30So het Isak vir Jakob geseën.

Esau wil vir Jakob doodmaak

Toe Jakob weggaan van sy pa, kom Esau terug uit die veld waar hy die wildsbok
geskiet het.

31Esau maak toe ook ’n lekker ete gaar en bring dit vir sy pa en sê vir hom: “Pa, sit
asseblief regop en eet van my wildsvleis, sodat Pa my kan seën.”

32Isak vra toe vir hom: “Wie is jy?” En hy antwoord: “Ek is jou oudste seun Esau.”

33Toe skrik Isak baie groot en hy begin bewe. Hy vra toe vir Esau: “Iemand het ’n
wildsbok geskiet en hy het dit vir my gebring. Wie was dit? Ek het van alles geëet en
ek het hom geseën voordat jy gekom het. En ek kan nie sy seën wegvat nie.”

34Toe Esau hoor wat sy pa sê, het hy hard geskree en begin huil. Hy sê toe vir sy pa:
“Pa, seën asseblief ook vir my.”

35Isak het gesê: “Dit is jou broer wat my bedrieg het en wat jou seën gevat het.”

36En Esau sê: “Ja, sy naam is Jakob, hy is skelm. Hy het my twee maal bedrieg. Hy het
my regte gevat en nou het hy ook my seën gevat. Kan Pa my ook seën?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

37Isak het vir Esau gesê: “Ek het klaar gesê Jakob sal jou hoof wees. Jakob se hele
familie sal hom dien. Ek het hom geseën, en hy sal altyd baie koring en wyn hê. My
seun, wat is daar nog wat ek vir jou kan gee?”

38Toe sê Esau vir sy pa: “Het Pa net een seën? Seën my ook asseblief.” En Esau het
hard begin huil.

39Sy pa sê toe vir hom: “Jy sal ver weg woon van die dinge van die aarde wat mense
ryk laat word, ver van die dou van die hemel daarbo.

40Jy sal moet oorlog maak om te lewe en jy sal jou broer moet dien. Maar as jy hard
probeer, dan sal jy vry word.”

41Esau het vir Jakob gehaat omdat sy pa vir Jakob geseën het. Esau het gedink: My pa
sal nie meer lank lewe nie, en wanneer hy dood is, dan sal ek vir Jakob doodmaak.

Rebekka sê vir Jakob wat Esau wil doen

42Die slawe het vir Rebekka vertel wat haar oudste seun gesê het, en sy het iemand
gestuur om vir Jakob te roep. Sy het vir hom gesê: “Pasop! Jou broer Esau is so
kwaad dat hy jou wil doodmaak.

43My seun, luister nou mooi wat ek vir jou sê. Jy moet na my broer Laban toe vlug.
Hy woon in die land Haran,

44jy moet ’n tyd lank by hom bly totdat jou broer nie meer kwaad is nie.

45Wanneer jou broer vergeet het wat jy aan hom gedoen het en nie meer vir jou
kwaad is nie, dan sal ek iemand stuur om jou te roep. Hoekom moet ek altwee my
seuns op een dag verloor?”

Isak stuur vir Jakob weg

46Rebekka het vir Isak gesê: “Ek het nou genoeg gehad van die twee Hetitiese vroue
van Esau. As Jakob ook ’n Hetitiese vrou neem soos hierdie skoondogters, dan wil ek
nie meer lewe nie.”

Genesis 28

1Isak het vir Jakob geroep en hy het hom geseën en gegroet. Hy het vir hom gesê:
“Jy mag nie trou met ’n meisie van Kanaän nie.

2Jy moet na die land Paddan-Aram gaan, na jou oupa Betuel se familie toe, jy moet
met een van die dogters van jou oom Laban trou.

3God die Almagtige sal jou seën. Hy sal jou vrugbaar maak en Hy sal vir jou ’n
groot nageslag gee. Jy sal die voorvader van ’n baie groot volk word.

4God sal jou seën soos Hy vir Abraham geseën het. Hy sal jou en ook jou nageslag
seën. Hy sal vir jou die land gee waar jy nou ’n vreemdeling is. Dit is die land wat Hy
vir Abraham gegee het. Dit sal jou land wees.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5So het Isak vir Jakob weggestuur. Jakob het na Paddan-Aram gegaan, na die Arameër Laban toe. Laban was die seun van Betuel en die broer van Rebekka. Rebekka was Jakob en Esau se ma.

Esau trou met nog ’n vrou

6Esau het gesien dat Isak vir Jakob geseën het en hom weggestuur het na die land Paddan-Aram. Isak het vir Jakob gesê dat hy moet gaan trou met een van daardie meisies. Isak het hom geseën en gesê hy mag nie trou met een van die meisies van die land Kanaän nie.

7Esau het gesien dat Jakob na sy pa en ma geluister het en na Paddan-Aram gegaan het.

8Hy het besef dat sy pa Isak nie van die meisies van Kanaän hou nie.

9Toe gaan Esau na Ismael toe. Ismael was Abraham se seun. Esau het ander vroue gehad, maar hy trou toe ook met Magalat, Ismael se dogter. Sy was Nebajot se suster.

Jakob droom by Bet-El

10Jakob het van die stad Berseba na die stad Haran gegaan.

11Toe die son ondergegaan het, het hy by ’n plek gekom waar hy die nag kon slaap. Hy het ’n klip onder sy kop gesit en hy het aan die slaap geraak.

12Hy het gedroom dat daar ’n leer op die aarde staan, en die boonste punt van die leer is in die hemel. Die engele van God het op en af geklim teen die leer.

13Toe kom staan die Here by hom en Hy sê vir Jakob: “Ek is die Here, die God van jou oupa Abraham en die God van jou pa Isak. Hierdie land waar jy nou is, sal Ek vir jou en jou nageslag gee.

14Jou nageslag sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal nog meer grond kry, na die weste, na die ooste, na die noorde en na die suide. Al die volke van die aarde sal My vra om hulle te seën soos Ek jou en jou nageslag sal seën.

15Ek sal by jou wees en Ek sal jou beskerm op elke plek waar jy gaan en Ek sal jou terugbring na hierdie land. Ek sal jou nooit los nie totdat Ek gedoen het wat Ek vir jou belowe het. Dit is seker.”

16Toe Jakob wakker word, sê hy: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie geweet nie.”

17Hy het bang geword en gesê: “Hierdie plek laat my bang word. Dit is die huis van God, dit weet ek nou, dit is die poort van die hemel.”

18Toe Jakob die oggend vroeg opstaan, neem hy die klip wat onder sy kop was, en hy sit dit regop sodat dit ’n gedenksteen kan wees. Hy het toe olyf-olie op die klip uitgegooi

© Bible Society of South Africa.

19en hy het die plek Bet-El genoem. Die plek se naam was voorheen Lus.

20Jakob het belowe en gesê: “God sal my God wees as Hy by my sal wees en my sal beskerm op hierdie pad waar ek gaan loop. Hy sal my God wees as Hy vir my kos en klere sal gee

21en my veilig laat terugkom by my pa se familie.

22Dan sal hierdie klip wat ek regop gesit het sodat dit ’n gedenksteen kan wees, vir my ’n plek wees waar God is. Dan sal ek ook vir U ’n tiende teruggee van alles wat U vir my gee. Dit belowe ek.”

Genesis 29

Jakob werk vir Laban

1Jakob het verder gegaan en hy het aangekom in die land van die mense van die ooste.

2Hy sien toe ’n put in die veld, en drie troppe skape en bokke rondom die put. Die skape en bokke het altyd water gedrink uit hierdie put, maar daar was ’n groot klip op die put.

3Wanneer al die troppe skape en bokke daar bymekaar was, dan het die skaapwagters die klip weggerol van die put en dan het hulle vir die diere water gegee. Daarna het hulle die klip op die put teruggesit.

4Jakob het vir die skaapwagters gevra: “My vriende, van waar kom julle?” En hulle het geantwoord: “Ons kom van Haran.”

5Toe vra Jakob vir hulle: “Ken julle vir Laban, die seun van Nahor?” En hulle antwoord: “Ja, ons ken hom.”

6Hy vra toe vir hulle: “Gaan dit goed met hom?” En hulle sê: “Ja, dit gaan goed met hom. Daar kom sy dogter Ragel nou met die skape en bokke.”

7Jakob het gesê: “Dit is nog vroeg, dit is nog nie tyd om die skape en bokke bymekaar te maak nie. Julle moet vir hulle water gee, en dan moet hulle weer gaan wei.”

8Maar die skaapwagters het gesê: “Nee, ons mag dit nie doen nie, ons moet wag totdat al die troppe skape en bokke bymekaar is. Dan rol ons die klip van die put af en ons gee vir die skape en bokke water.”

9Jakob was nog besig om met hulle te praat toe Ragel daar kom met haar pa se skape en bokke. Sy was die skaapwagter.

10Jakob het sy oom Laban se dogter Ragel gesien met Laban se skape en bokke. Hy het na die put gegaan en hy het die klip afgerol. Hy het vir sy oom Laban se skape en bokke water gegee.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Jakob het vir Ragel gesoen en hy het begin huil.

12Hy het vir Ragel vertel dat hy familie is van haar pa, en dat hy Rebekka se seun is. Ragel hardloop toe huis toe en vertel dit vir haar pa.

13Toe Laban hoor van sy suster se seun Jakob, hardloop hy na hom toe en omhels hom en soen hom. Laban het hom na sy huis gebring en Jakob het vir Laban alles vertel.

14Laban het vir hom gesê: “Ons is familie.” Jakob het ’n maand lank by hom gebly.

15Toe sê Laban vir Jakob: “Jy is familie van my, maar jy moenie vir my verniet werk nie. Sê vir my wat ek jou moet betaal.”

Jakob trou met Lea en Ragel

16Laban het twee dogters gehad. Die oudste dogter was Lea, en die jongste was Ragel.

17Lea se oë was nie mooi nie, maar Ragel was ’n baie mooi vrou.

18Jakob het verlief geraak op Ragel. Hy sê toe vir Laban: “Ek sal sewe jaar vir jou werk om jou jongste dogter Ragel te kry.”

19Laban het gesê: “Goed. Dit is beter dat ek haar vir jóú gee as vir ’n ander man. Jy mag hier by my woon.”

20Jakob het sewe jaar lank gewerk om Ragel te kry, maar dit het vir hom so kort gevoel soos ’n paar dae, want hy was baie lief vir haar.

21Ná die sewe jaar sê Jakob vir Laban: “Gee nou my vrou vir my, want die sewe jaar is verby en ek wil met haar trou.”

22Laban het al die mense van daardie plek bymekaargemaak en hulle het ’n groot fees gehou.

23Maar daardie aand het Laban sy dogter Lea vir Jakob gegee. Jakob het seks gehad met Lea.

24Laban het sy slavin Silpa vir sy dogter Lea gegee.

25Die volgende oggend het Jakob gesien dit is Lea wat sy vrou geword het. Toe sê hy vir Laban: “Wat het jy aan my gedoen? Ek het by jou gewerk om vir Ragel te kry. Hoekom het jy my bedrieg?”

26Toe sê Laban: “Hier by ons laat ons nie die jongste dogter voor die oudste trou nie.

27Wanneer hierdie week verby is, dan sal ek my jongste dogter ook vir jou gee, maar dan moet jy nog sewe jaar vir my werk.”

28Jakob het gedoen wat Laban gevra het. Jakob het gewag totdat die week verby was. Toe gee Laban sy dogter Ragel vir Jakob en sy het ook Jakob se vrou geword.

© Bible Society of South Africa.

29Laban het sy slavin Bilha vir sy dogter Ragel gegee.

30Jakob het ook met Ragel seks gehad, en hy was meer lief vir Ragel as vir Lea. Hy het nog sewe jaar lank vir Laban gewerk.

Lea kry vier seuns

31Die Here het gesien dat Jakob minder lief is vir Lea as vir Ragel. Die Here het vir Lea kinders gegee, maar Ragel kon nie kinders kry nie.

32Lea het swanger geword en sy het ’n seun gekry. Sy het hom Ruben genoem. Sy het gesê: “Die Here het gesien dat ek swaarkry. Nou sal my man vir my ook lief wees.”

33Later het sy weer swanger geword en sy het nog ’n seun gekry. Toe sê sy: “Die Here het gesien dat Jakob minder lief is vir my, en Hy het vir my ook hierdie seun gegee.” Daarom het sy hom Simeon genoem.

34Toe Lea weer swanger word en nog ’n seun kry, sê sy: “Nou sal my man baie meer lief wees vir my, want ek het drie seuns vir hom gekry.” Daarom het sy hom Levi genoem.

35Sy het weer swanger geword en nog ’n seun gekry en gesê: “Nou prys ek die Here.” Daarom het sy hom Juda genoem. Sy het nie gou weer kinders gekry nie.

Genesis 30

Bilha se seuns

1Ragel kon nie kinders kry vir Jakob nie, en sy het jaloers geword op haar suster Lea. Ragel sê toe vir Jakob: “Gee vir my kinders, anders sterf ek.”

2Toe word Jakob kwaad vir Ragel en hy sê: “Ek is nie God nie. Dit is Hy wat wil hê jy moenie kinders kry nie.”

3Ragel sê toe vir Jakob: “Neem my slavin Bilha en gaan slaap by haar. Die kind wat sy dan kry, sal myne wees. So kan my nageslag uit haar kom.”

4Sy gee toe haar slavin Bilha vir Jakob, en hy het seks gehad met Bilha.

5Bilha het swanger geword en sy het ’n seun gekry vir Jakob.

6Toe sê Ragel: “God het reg gedoen aan my. Hy het geluister na my gebed en Hy het vir my ’n seun gegee.” Sy het hom Dan genoem.

7Ragel se slavin Bilha het weer swanger geword en sy het nog ’n seun vir Jakob gekry.

8Toe sê Ragel: “Ek en my suster wou altwee wen, maar ek het haar gewen.” Daarom het sy haar seun Naftali genoem.

Silpa se seuns

© Bible Society of South Africa.

9Lea kon nie meer kinders kry nie. Sy neem toe haar slavin Silpa en sy gee haar vir Jakob om sy vrou te wees.

10Lea se slavin Silpa het ’n seun gekry vir Jakob,

11en Lea het gesê: “Ek is gelukkig.” Daarom het sy hom Gad genoem.

12Toe kry Lea se slavin nog ’n seun vir Jakob,

13en Lea sê: “Ek is gelukkig. Die vroue sal sê ek is baie gelukkig.” Daarom het sy haar seun Aser genoem.

Lea kry nog twee seuns en ’n dogter

14Dit was die tyd om koring af te sny. Ruben het liefdes-appels in die veld gekry en hy het dit vir sy ma Lea gebring. Toe sê Ragel vir Lea: “Gee asseblief vir my van jou seun se liefdes-appels.”

15Maar Lea het haar geantwoord: “Jy het al klaar my man gevat. Nou wil jy ook my seun se liefdes-appels vat!” Toe sê Ragel: “As jy vir my van jou seun se liefdes-appels gee, dan mag Jakob vannag by jou slaap.”

16Toe Jakob daardie aand uit die veld kom, het Lea na hom toe gegaan en vir hom gesê: “Jy moet vanaand by my kom slaap, want ek het daarvoor betaal met my seun se liefdes-appels.” Jakob het toe daardie nag seks gehad met Lea.

17Die Here het geluister na Lea se gebed, en sy het weer swanger geword. Sy het ’n vyfde seun vir Jakob gekry.

18Toe sê Lea: “God was goed vir my. Hy het my beloon omdat ek my slavin vir my man gegee het om ’n kind te kry.” Sy het die seun Issaskar genoem.

19Lea het weer swanger geword en sy het ’n sesde seun vir Jakob gekry.

20Toe sê Lea: “God het vir my ’n groot present gegee. Nou sal my man by my bly en hy sal onthou dat ek sy vrou is, want ek en hy het ses seuns gekry.” Sy het haar seun toe Sebulon genoem.

21Lea het daarna ’n dogter gekry en sy het haar Dina genoem.

Ragel kry ’n seun

22Die Here het aan Ragel gedink en Hy het geluister na haar gebed.

23Sy het swanger geword en sy het ’n seun gekry. Sy sê toe: “God het my gehelp en ek is nie meer skaam nie.”

24Sy het hom Josef genoem en gesê: “Ek bid dat die Here nog ’n seun vir my sal gee.”

Jakob word baie ryk

25Nadat Josef gebore is, het Jakob vir Laban gesê: “Laat my nou gaan na my eie plek en na my eie land.

© Bible Society of South Africa.

26Gee my vroue en my kinders en laat my gaan. Jy weet ek het vir jou gewerk om hulle te kry."

27Maar Laban sê vir hom: "Ek sal dankbaar wees as jy by my bly. Ek het gesien dat die Here my seën omdat jy hier is.

28Jy moet sê hoeveel ek jou moet betaal, en ek sal dit vir jou gee."

29Toe sê Jakob vir Laban: "Jy weet hoe hard ek vir jou gewerk het en hoe goed dit met jou beeste en skape gegaan het vandat ek hulle oppas.

30Jy het min skape gehad voor ek by jou begin werk het, maar hulle het baie meer geword. Die Here het jou geseën vandat ek hier gekom het. Maar wanneer kan ek vir my eie huis werk?"

31Toe vra Laban vir hom: "Wat moet ek vir jou gee?" Jakob het vir hom gesê: "Jy moenie vir my betaal nie, niks nie. Ek sal weer jou skape oppas en na hulle kyk, maar daar is een ding wat jy vir my moet doen.

32Ek sal vandag tussen al jou skape en bokke deurloop. Ek sal al die bont skape en die skape wat kolle het, apart jaag, saam met al die swart skaap-ramme. Ook al die bont bok-ramme en die bok-ramme wat kolle het. Dit is wat jy vir my moet gee.

33Dan sal jy kan sien dat ek nie skelm is nie. Wanneer jy later kom kyk watter diere myne is, sal jy maklik kan sien: Al die bokke wat nie kolle het of bont is nie, en al die skaap-ramme wat nie swart is nie, is joune. As jy van daardie diere tussen my diere kry, dan het ek hulle van jou gesteel."

34Toe sê Laban: "Goed. Ons sal doen soos jy gesê het."

35Maar Laban het toe daardie dag gou al die bont bokke en die bokke met kolle apart gejaag. Hy het ook al die bokke wat wit dele gehad het, en al die swart skaap-ramme vir sy seuns gegee om op te pas.

36Hy het gesê hulle moet daardie diere wegvat van Jakob, so ver soos 'n mens in drie dae kan loop. Jakob moes Laban se ander skape en bokke oppas.

37Jakob het toe groen stokke geneem van populierbome, van amandelbome en van plataanbome, hy het dele van die bas afgeskil, sodat daar wit strepe op die stokke was.

38Hy het die stokke wat hy so afgeskil het, in die waterbakke van die skape en bokke gesit. Hy het die stokke so neergesit dat dit reg voor die skape en bokke was wanneer hulle water kom drink.

39Wanneer die skape en bokke daar by die stokke gepaar het, dan het hulle gestreepte of bont lammers gekry of lammers met kolle.

© Bible Society of South Africa.

40Jakob het die skaap-ramme apart gehou en hy het die skape en bokke laat kyk na die bont skape en bokke van Laban en na die skape en bokke met kolle. So het Jakob ’n klomp skape en bokke vir homself gekry, maar Laban het niks gekry nie.

41Elke maal wanneer die sterk skape en bokke wou paar, dan het Jakob die stokke voor hulle in die waterbakke gesit sodat hulle net by die stokke kon paar.

42Maar as dit swak skape of bokke was, dan het hy nie die stokke in die waterbakke gesit nie. Toe het Laban al die swak lammers gekry, en Jakob het die sterk lammers gekry.

43So het Jakob baie ryk geword. Hy het baie skape, bokke, slavinne, slawe, kamele en donkies gekry.

Genesis 31

Jakob gaan terug na die land Kanaän

1Jakob het gehoor dat Laban se seuns sê: “Jakob het alles gevat wat aan ons pa behoort het. Hy het ryk geword van ons pa se goed.”

2Jakob het ook gesien dat Laban nie meer so vriendelik met hom was soos voorheen nie.

3Die Here het vir Jakob gesê: “Gaan terug na die land waar jy gebore is en na jou familie toe. Ek sal by jou wees.”

4Jakob het toe vir Ragel en Lea laat roep na die veld waar hy by sy skape en bokke was.

5En hy het vir hulle gesê: “Ek sien julle pa is nie meer so vriendelik met my soos voorheen nie, maar die God van my pa was by my.

6Julle weet dat ek baie hard gewerk het vir julle pa,

7maar julle pa het my bedrieg en hy het elke maal my betaling verander, tien maal. Maar God het my beskerm teen sy skelm planne.

8Toe julle pa sê dat die skape en bokke met kolle my betaling sal wees, toe kry al die skape en bokke lammers met kolle. En toe hy sê dat die skape en bokke met strepe my betaling sal wees, toe kry die skape en bokke gestreepte lammers.

9So het die Here julle pa se diere weggevat en vir my gegee.

10In die tyd toe die skape en bokke gepaar het, het ek gedroom en gesien al die bok-ramme wat die ooie dek, het strepe of kolle.

11Ek het gedroom die Engel van God sê vir my: ‘Jakob!’ en ek het geantwoord: ‘Hier is ek!’

© Bible Society of South Africa.

12Toe sê Hy: ‘Jy moet goed kyk: Al die bok-ramme wat met die ooie paar, het strepe
of kolle. Ek het alles gesien wat Laban aan jou gedoen het.

13Ek is die God wat by Bet-El aan jou verskyn het. Jy het daar olyf-olie op
die gedenksteen gegooi toe jy belowe het om My te dien. Maak nou gereed en trek
weg uit hierdie land. Gaan terug na die land waar jy gebore is.’ ”

14Ragel en Lea sê toe vir Jakob: “Ons sal niks van ons pa erf nie.

15Hy doen met ons soos hy doen met mense van ander volke. Hy het ons lank gelede
aan jou verkoop en hy het die geld opgebruik.

16Al die goed wat God van ons pa weggevat het, behoort aan ons en aan ons kinders.
Jy moet nou doen wat God vir jou gesê het.”

17Jakob het toe gegaan. Hy het sy kinders en sy vroue op kamele laat klim

18en hy het al sy diere saamgeneem, ook al sy goed wat hy in Paddan-Aram
bymekaargemaak het. Hy het na Kanaän gegaan, na sy pa Isak toe.

Laban se beeldjies

19Laban het sy skape en bokke gaan skeer, en toe het Ragel die beeldjies van haar pa
se afgode gesteel.

20Jakob het vir Laban bedrieg, want hy het nie vir Laban vertel dat hy wil vlug nie.

21Jakob het al sy goed geneem en gevlug. Hy het deur die Eufraat-rivier getrek en na
die Gilead-berg gegaan.

22Drie dae later het Laban uitgevind dat Jakob gevlug het.

23Laban het die mans in sy familie saamgeneem en hulle het vir Jakob gevolg en
gejaag. Ná sewe dae het hulle hom by die Gilead-berg gekry.

24Daardie nag het Laban gedroom dat God na hom toe kom en vir hom sê: “Jy moet
pasop wat jy vir Jakob sê, dit maak nie saak of dit goed of sleg is nie.”

25Toe Laban by Jakob kom, het Jakob klaar sy tent by die Gilead-berg opgeslaan.
Laban en sy manne het hulle tente ook daar opgeslaan.

26Laban sê toe vir Jakob: “Wat het jy gedoen? Jy het my bedrieg en jy het my dogters
soos gevangenes weggevat.

27Hoekom het jy soos ’n skelm gevlug en my bedrieg en niks gesê nie? Ek sou jou laat
gaan het en ons sou vrolik gewees het. “Ons sou gesing het en musiek gemaak het
met tamboeryne en liere.

28“Jy het weggegaan, en ek kon nie my kleinseuns en my dogters groet nie. Jy het
verkeerd gedoen.

© Bible Society of South Africa.

29Ek kan jou straf as ek wil, maar die God van julle pa het gisteraand met my gepraat
en gesê: ‘Jy moet pasop wat jy vir Jakob sê, dit maak nie saak of dit goed of sleg is
nie.’

30Dit is goed as jy weggaan omdat jy so baie verlang na jou pa se familie, maar
hoekom het jy my beeldjies gesteel?”

31Jakob het vir Laban gesê: “Ek het gevlug, want ek was bang en ek het gedink jy sal
miskien jou dogters wegvat van my.

32As jy jou beeldjies hier by iemand kry, dan mag daardie persoon nie lewe nie. Jy
mag self soek voor al jou mense wat hier is en jy mag die beeldjies terugvat.” Jakob
het nie geweet dat Ragel die beeldjies gesteel het nie.

33Laban het toe gesoek in Jakob se tent en in Lea se tent en in die twee slavinne se
tente, maar hy het niks gekry nie. Hy gaan toe uit Lea se tent na Ragel se tent.

34Ragel het die beeldjies in ’n sak weggesteek en sy het bo-op die sak gaan sit. Laban
het oral in al die tente gesoek, maar hy het niks gekry nie.

35Ragel het vir haar pa gesê: “Pa moenie kwaad word vir my as ek nie vir Pa opstaan
nie. Ek menstrueer.” Laban het verder gesoek, maar hy het niks gekry nie.

Jakob en Laban maak ’n ooreenkoms

36Toe het Jakob kwaad geword en hy het hard met Laban gepraat. Hy het vir Laban
gevra: “Wat het ek verkeerd gedoen? Watter sonde het ek gedoen? Hoekom het jy
my gevolg en gejaag?

37Jy het in al my goed gesoek. Het jy iets gekry wat uit jou huis kom? As jy iets gekry
het, sit dit dan hier neer voor my familie en jou familie, sodat hulle kan sê wie was
reg, ek of jy.

38Ek was 20 jaar lank by jou. Jou skaap-ooie en jou bok-ooie het gereeld lammers
gekry, en ek het nie jou ramme geslag om te eet nie.

39Wanneer die roofdiere ’n dier van jou doodgebyt het, dan het ek nie die dooie dier
vir jou gebring nie. Ek moes een van my diere in sy plek gee. Wanneer diewe in die
dag of in die nag van jou diere gesteel het, dan moes ek een van mý diere gee vir
elkeen van daardie diere.

40Ek het baie swaar gekry. In die dag het die son my gebrand en in die nag het ek
baie koud gekry. Ek kon nie slaap nie.

41Ek het nou 20 jaar vir jou gewerk. Ek het 14 jaar lank gewerk om jou twee dogters
te kry, en ses jaar om skape en bokke van jou te kry. Jy het my betaling tien maal
verander.

42As die God van my pa my nie gehelp het nie, dan sou jy my weggestuur het en jy
sou niks vir my gegee het nie. Die God van Abraham en die God wat vir Isak beskerm

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

het, het gesien dat ek swaarkry. Hy het gesien hoe hard ek gewerk het, en Hy het gisteraand gesê wie is reg, ek of jy."

43Toe sê Laban vir Jakob: "Hierdie dogters is my dogters en hierdie kinders is my kinders en hierdie skape en bokke is my skape en bokke. Alles wat jy sien, is myne. Ek mag nie aan my dogters of hulle kinders iets doen wat sleg is nie.

44Kom ons twee maak 'n ooreenkoms wat sê wat ons aan mekaar moet doen."

45Jakob neem toe 'n klip en hy sit dit regop sodat dit 'n gedenksteen kan wees wat hulle sal help om die ooreenkoms te onthou.

46Jakob sê toe vir sy familie: "Bring nog klippe." Hulle het 'n hoop klippe opmekaar gepak. Toe het hulle daar by die hoop klippe geëet.

47Laban het die plek Jegar-Sahaduta genoem en Jakob het dit Galed genoem.

48Toe sê Laban: "Hierdie hoop klippe wys vandag dat ons saam besluit het om reg te doen aan mekaar." Daarom het hulle dit Galed genoem.

49Laban het die plek ook Mispa genoem. Hy het gesê: "Die Here sal kyk dat dit reg gaan tussen ons, ook wanneer ons mekaar nie sien nie.

50God sal weet wanneer jy slegte dinge doen aan my dogters of wanneer jy met ander vroue trou, ook wanneer daar niemand anders by ons is nie."

51Laban het vir Jakob gesê: "Hier is die hoop klippe en hier is die gedenksteen wat ek regop gesit het.

52Hierdie hoop klippe en die gedenksteen is die tekens dat ons nie slegte planne sal hê wanneer ons hier verbygaan na mekaar toe nie.

53Die God van jou voorvader Abraham en die God van my voorvader Nahor sal altyd sê wie is reg, ek of jy." Jakob het toe gesê die God wat sy pa Isak beskerm het, is die getuie van die ooreenkoms.

54Jakob het op die berg 'n offer gebring vir die Here. Hy het sy familie geroep om saam te kom eet. Hulle het geëet en hulle het daardie nag op die berg geslaap.

55Die volgende oggend vroeg het Laban sy kleinseuns en sy dogters gegroet en geseën. Toe het hy teruggegaan huis toe.

Genesis 32

Jakob stuur vir Esau presente

1Jakob het verder gegaan, en daar het engele van God na hom toe gekom.

2Toe Jakob hulle sien, sê hy: "Dit is 'n kamp van God se soldate!" en hy het daardie plek Maganajim genoem.

© Bible Society of South Africa.

3Jakob het ’n boodskap gestuur vir sy broer Esau. Esau was in Seïr-land, die land van die Edomiete.

4Jakob het vir die manne gesê hulle moet vir sy broer Esau sê: “Meneer, ek is jou slaaf Jakob. Ek was ’n vreemdeling by Laban, en ek het tot nou toe daar gewoon.

5Ek het daar beeste, donkies, skape en bokke, slawe en slavinne gekry. Ek stuur nou ’n boodskap om dit vir jou te sê, sodat ek kan weet of jy my vriendelik sal ontvang.”

6Toe die boodskappers terugkom by Jakob, sê hulle vir hom: “Ons het by jou broer Esau gekom, maar hy het al klaar na jou toe begin kom, en daar is 400 manne by hom.”

7Jakob het baie bekommerd en bang geword. Hy het al die mense wat by hom was, in twee groepe verdeel, ook al die skape en bokke, die beeste en die kamele.

8Hy het gesê: “As Esau die een groep aanval, dan sal die ander groep miskien kan vlug.”

9Jakob het toe gebid en gesê: “God van my oupa Abraham, God van my pa Isak, Here, U het vir my gesê dat ek moet teruggaan na my land en na my familie toe, dan sal U goed wees vir my.

10Ek is nie ’n belangrike man nie, maar U was baie goed vir my en U het alles gedoen wat U vir my belowe het. Ek het net my kierie gehad toe ek voorheen deur hierdie Jordaan-rivier gegaan het. Nou behoort hierdie twee groot groepe mense en diere aan my.

11Here, beskerm my asseblief teen my broer Esau, want ek is bang vir hom. Ek is bang dat hy my en die vroue en kinders sal aanval.

12Here, U het belowe en vir my gesê: ‘Ek sal goed wees vir jou. Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sand van die see. Dit is so baie dat ’n mens dit nie kan tel nie.’ ”

13Jakob het daardie nag daar geslaap. Hy het van sy goed geneem en hy het ’n present vir sy broer Esau gestuur.

14Dit was 200 bok-ooie en 20 bok-ramme, 200 skaap-ooie en 20 skaap-ramme,

1530 kameel-koeie en hulle kalwers, 40 koeie en 10 bulle, 20 donkie-merries en 10 donkie-hingste.

16Jakob het die diere vir sy slawe gegee, elke trop diere apart, en hy het vir sy slawe gesê: “Loop voor my, maar hou elke trop diere apart.”

17Jakob het vir die eerste slaaf gesê: “As my broer Esau by jou kom en hy vra vir jou wie se slaaf is jy, waarnatoe gaan jy en aan wie behoort hierdie trop diere,

18dan moet jy vir hom sê: ‘Dit behoort aan Meneer se slaaf Jakob. Dit is ’n present wat hy vir Meneer stuur. Hy kom self ook, hy is agter ons.’ ”

© Bible Society of South Africa.

19Jakob het dieselfde vir die tweede slaaf gesê, ook vir die derde slaaf, en vir al die
ander slawe wat agter die troppe geloop het. Hy het gesê wat hulle vir Esau moet sê
wanneer hulle hom kry.

20Hulle moes ook vir Esau sê: “Meneer se slaaf Jakob kom ook, hy is agter ons.”
Jakob het gedink: Ek stuur die presente vir Esau, want ek wil hom vriendelik maak. As
ek by hom kom, dan sal hy miskien vriendelik wees met my.

21Jakob het eers die presente gestuur en toe het hy self gegaan. Hy het daardie nag
in die kamp gebly.

Jakob se naam word Israel

22Jakob het in die nag opgestaan. Hy het sy twee vroue, sy twee slavinne en sy elf
kinders geneem, en hulle het deur die Jabbok-rivier gegaan.

23Hy het hulle deur die rivier laat gaan en daarna het hy ook sy diere deur die rivier
laat gaan.

24Jakob het alleen agtergebly. ’n Man het gekom en met hom gestoei totdat dit die
volgende dag lig begin word het.

25Toe die man sien dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het hy vir Jakob op sy heup
geslaan. Jakob se heup het seergekry, en hy het moeilik geloop.

26Die man sê toe vir Jakob: “Los my, want dit is amper dag.” Maar Jakob antwoord
hom: “Jy moet my eers seën, dan sal ek jou los.”

27Die man het vir Jakob gevra: “Wat is jou naam?” En hy antwoord: “Jakob.”

28Die man sê toe: “Jou naam sal nie meer Jakob wees nie, dit sal nou Israel wees. Die
naam Israel beteken ‘Jy het met God en met mense gestoei en jy het gewen.’ ”

29Jakob vra toe: “Sê asseblief vir my, wat is jou naam.” En die man vra: “Hoekom vra
jy wat my naam is?” Die man het vir Jakob daar geseën.

30Jakob het die plek Pniël genoem. Hy het gesê: “Ek het God gesien. Hy was so naby
my dat ek sy gesig kon sien, en ek het nie gesterf nie.”

31Die son het opgekom toe Jakob weggegaan het van Pniël. Jakob het swaar geloop,
want sy heup was baie seer.

32Dit is hoekom die Israeliete nie die senuwees in die heupbeen van ’n dier eet nie,
want die man het vir Jakob op sy heup geslaan, op die heupsenuwee.

Genesis 33

Jakob en Esau ontmoet mekaar

© Bible Society of South Africa.

1Jakob het gekyk en hy het vir Esau gesien wat na hom toe aankom. Daar was 400 manne by Esau. Jakob het toe die kinders verdeel tussen Lea en Ragel en die twee slavinne.

2Hy het die slavinne en hulle kinders voor laat loop. Agter hulle het Lea en haar kinders geloop, en Ragel en Josef was laaste.

3Jakob het voor hulle geloop en hy het sewe maal laag gebuig, tot hy by sy broer gekom het.

4Esau het na hom toe gehardloop en hy het vir Jakob omhels. Hy het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil.

5Toe Esau kyk, sien hy die vroue en die kinders en hy vra: “Wie is hierdie mense by jou?” Jakob het geantwoord: “Dit is die kinders wat God vir my gegee het. God was baie goed vir my.”

6Toe kom die slavinne en hulle kinders nader en hulle buig voor Esau,

7en ná hulle kom ook Lea en haar kinders nader en hulle buig. Laaste het Josef en Ragel nader gekom en hulle het gebuig.

8Toe vra Esau: “Hoekom het jy al daardie goed vir my gegee?” En Jakob antwoord: “Dit is ’n present sodat Meneer vriendelik sal wees met my.”

9Toe sê Esau: “My broer, ek het self baie goed. Hou dit alles, dit moet joune bly.”

10Maar Jakob het gesê: “Nee, as Meneer vriendelik wil wees met my, dan moet jy asseblief my present aanvaar, want ek het dit vir jou gegee soos ’n mens iets vir God gee. En jy was vriendelik met my.

11Neem asseblief die present wat ek vir jou gebring het, want God was goed vir my, en ek het alles wat ek moet hê.” So het Jakob aangehou, en Esau het toe die present geneem.

12Esau het vir Jakob gesê: “Kom ons gaan verder. Ek sal voor jou gaan.”

13Maar Jakob het vir hom gesê: “Meneer, jy weet die kinders by ons is klein en swak. Ek moet ook nog die skape en beeste oppas, en die lammers en kalwers wat aan hulle suip. Hulle sal doodgaan as ek hulle net een dag te vinnig aanjaag.

14Meneer, gaan asseblief voor my. Dan kan ek stadig agter jou loop, so vinnig soos die diere en die kinders kan loop, totdat ek by Meneer in Seïr-land kom.”

15Toe sê Esau: “Ek sal party van my manne by jou laat bly.” Maar Jakob sê: “Hoekom wil jy dit doen? Glo my asseblief.”

16Esau het daardie dag teruggegaan na Seïr-land.

© Bible Society of South Africa.

17Jakob het na ’n ander plek gegaan en hy het daar vir hom ’n huis gebou. Hy het takke geneem en hy het veekrale gemaak vir sy skape en bokke. Daarom het hulle die plek Sukkot genoem.

Jakob koop grond by Sigem

18Jakob het later veilig aangekom in Sigem se stad in Kanaän. Hy het van die stad Paddan-Aram daarnatoe gegaan. Hy het sy tente naby die stad opgeslaan.

19Hy het die stuk grond gekoop waar hy sy tente opgeslaan het. Hy het dit gekoop by die seuns van Gamor, Sigem se pa. Hy het 100 kesita daarvoor betaal.

20Jakob het daar ’n altaar gebou en hy het dit genoem “Die God van Israel is God, net Hý is God.”

Genesis 34

Sigem verkrag vir Dina en hy wil met haar trou

1Dina was Jakob en Lea se dogter. Sy het gaan kuier by die ander meisies wat daar naby gewoon het.

2Sigem was die seun van die Hewiet Gamor wat oor daardie deel van die land regeer het. Sigem het vir Dina gesien en hy het haar gegryp en verkrag.

3Sigem het toe verlief geraak op Dina, Jakob se dogter, en hy het dit vir haar gesê.

4Sigem het vir sy pa Gamor gesê: “Sê vir hierdie meisie se ouers dat ek met haar wil trou, ek wil haar hê.”

5Jakob het gehoor dat Sigem sy dogter Dina verkrag het. Sy seuns was in die veld by die diere, en Jakob het stilgebly totdat hulle teruggekom het.

6Sigem se pa Gamor het na Jakob toe gekom om met hom te praat.

7Toe Jakob se seuns uit die veld kom, het hulle gehoor wat gebeur het. Hulle was geskok en baie kwaad omdat Sigem so ’n baie verkeerde ding gedoen het toe hy seks gehad het met Jakob se dogter. In Israel was dit baie verkeerd om so iets te doen.

8Gamor het vir hulle gesê: “My seun Sigem is verlief op julle dogter. Gee haar asseblief vir my seun sodat hy met haar kan trou.

9As julle nou julle dogters vir ons gee, dan sal ons ook ons dogters vir julle gee sodat julle met hulle kan trou.

10Julle moet altyd hier by ons woon. Die land is oop voor julle. Julle mag rondtrek in die land en julle mag woon waar julle wil.”

11Sigem het vir Dina se pa en haar broers gesê: “Ek wil een van julle familie word. Ek sal vir julle alles gee wat julle vir my vra.

© Bible Society of South Africa.

12Julle mag sê hoeveel ek moet betaal om haar te kry, dit maak nie saak as dit baie is nie. Sê ook vir my watter ander presente ek vir julle moet gee. Maar gee Dina asseblief vir my sodat ek met haar kan trou."

Simeon en Levi vermoor die mense van Sigem

13Jakob se seuns het vir Sigem en sy pa Gamor geantwoord, maar hulle was vals, want hulle wou iets doen omdat Sigem hulle suster Dina verkrag het.

14Hulle sê toe: "Ons mag nie ons suster gee vir 'n man wat nie besny is nie. Dit sal 'n skande wees.

15Ons sal net inwillig en ja sê as julle soos ons word, julle moet al julle mans en seuns laat besny.

16Dan sal ons ook ons dogters vir julle seuns gee en ons sal julle dogters vir ons seuns neem sodat hulle kan trou. Ons sal dan by julle woon en ons sal een volk word.

17Maar as julle nie na ons luister en julle laat besny nie, dan sal ons ons suster vat en weggaan."

18Gamor en sy seun Sigem was tevrede met Jakob en sy seuns se antwoord.

19Sigem was haastig om te doen wat hulle gevra het, want hy was baie lief vir Jakob se dogter. Hy was die belangrikste man in sy pa se familie.

20Gamor en sy seun Sigem het na die stad se poort gegaan. Hulle het met die stad se manne gepraat en gesê:

21"Hierdie mense is vriendelik met ons. Laat hulle in die land woon en hier rondtrek. Die land is baie groot, dit lê oop voor hulle. Ons seuns kan dan met hulle dogters trou, en ons kan ons dogters vir hulle seuns gee.

22Maar ons moet eers al ons mans besny soos hulle dit doen, dan sal hierdie manne inwillig en ja sê om by ons te woon en om saam met ons een volk te word.

23Hulle diere, al hulle goed en al hulle vee sal dan aan ons behoort, maar dan moet ons inwillig en doen wat hulle vra. Dan sal hulle by ons woon."

24Almal wat deur die poort van die stad gekom het, het geluister na Gamor en sy seun Sigem. Al die mans het hulle laat besny, almal wat deur die poort van die stad gekom het.

25Drie dae later, toe dit nog baie seer was nadat die mans hulle laat besny het, het Jakob se seuns Simeon en Levi, die broers van Dina, hulle swaarde gevat en hulle het na Sigem se stad gegaan. Hulle het maklik in die stad ingekom, niemand het hulle gekeer nie. Hulle het al die mans doodgemaak.

26Hulle het ook vir Gamor en sy seun Sigem doodgesteek. Hulle het vir Dina uit Sigem se huis gevat en weggegaan.

© Bible Society of South Africa.

27Jakob se seuns het by die dooie mans verbygegaan en hulle het al die goed van die mense in die stad gevat omdat Sigem hulle suster verkrag het.

28Hulle het die skape en die bokke, die beeste en die donkies gevat, alles wat in die stad en in die veld was.

29Simeon en Levi het al die goed gevat wat in die huise was, ook al die kinders en vroue. Hulle het alles saam met hulle weggevat.

30Jakob het vir Simeon en vir Levi gesê: “Julle het nou vir my groot probleme gemaak. Ek moet nou skaam wees voor die mense van hierdie land, die Kanaäniete en die Feresiete. Ons is min, en as die mense van die land almal saamwerk, dan sal hulle ons oorwin en doodmaak, vir my en my huisgesin.”

31Maar Simeon en Levi het geantwoord: “Hy moes nie dinge aan ons suster gedoen het wat iemand aan ’n slegte vrou doen nie.”

Genesis 35

Jakob kom weer by Bet-El

1God het vir Jakob gesê: “Jy moet gereedmaak. Jy moet na Bet-El gaan en daar gaan woon. Jy moet daar ’n altaar bou vir My. Ek is die God wat aan jou verskyn het toe jy weggevlug het van jou broer Esau.”

2Jakob sê toe vir sy huisgesin en almal wat by hom was: “Gooi weg al die beelde van ander volke se gode wat by julle is. Reinig julle en trek ander klere aan.

3Ons moet gereedmaak en na Bet-El gaan, sodat ek daar ’n altaar kan bou vir God wat geluister het na my gebed en wat my gehelp het toe ek groot probleme gehad het. Hy was by my oral waar ek gegaan het.”

4Hulle gee toe vir Jakob al die beelde wat hulle gehad het van ander volke se gode, en ook al hulle oor-ringe. Jakob het dit alles begrawe onder die boom by Sigem.

5Toe Jakob en sy mense wegtrek, het God die mense van die stede om hulle so bang laat word dat hulle nie vir Jakob en sy seuns gevolg en gejaag het nie.

6Jakob en almal wat by hom was, het by die stad Lus in Kanaän aangekom. Lus se ander naam was Bet-El.

7Jakob het daar ’n altaar gebou en hy het die plek El-Bet-El genoem, want God het daar aan hom verskyn toe hy weggevlug het van Esau.

8Toe Rebekka nog klein was, het sy gedrink aan ’n vrou. Die vrou se naam was Debora. Debora het daar by Bet-El gesterf. Hulle het haar begrawe onder ’n boom naby Bet-El. Hulle het die boom “Huilboom” genoem.

9Toe Jakob teruggekom het van Paddan-Aram, het God weer aan hom verskyn en hom geseën.

© Bible Society of South Africa.

10 God het vir hom gesê: “Jou naam is Jakob, maar hulle sal jou nou nie meer Jakob
noem nie, jou naam sal Israel wees.” So het God hom die naam Israel gegee.

11 God het ook vir hom gesê: “Ek is God die Almagtige. Jy moet vrugbaar wees en ’n
groot nageslag hê. ’n Volk, ja, baie volke, sal uit jou kom. Jy sal die voorvader van
konings wees.

12 Ek gee ook hierdie land vir jou. Dit is die land wat Ek vir Abraham en vir Isak belowe
het. Ek gee dit vir jou en vir jou nageslag ná jou.”

13 Toe het God weggegaan van Jakob.

14 Jakob het ’n gedenksteen op die plek gesit waar God met hom gepraat het. Hy het
’n drank-offer op die klip uitgegooi en ook olyf-olie.

15 Jakob het die plek waar God met hom gepraat het, Bet-El genoem.

Ragel kry ’n tweede seun en sy sterf

16 Jakob en sy mense het van Bet-El getrek na Efrata. Hulle was nog nie naby Efrata
nie, toe het Ragel ’n kind gekry. Sy het baie pyn gehad toe die kind gebore is.

17 Toe sê die vrou wat haar gehelp het: “Moenie bang wees nie, want jy het nou nog
’n seun gekry.”

18 Ragel was besig om te sterf, en terwyl sy haar laaste asem uitblaas, het sy die
seuntjie Ben-Oni genoem. Maar sy pa Jakob het hom Benjamin genoem.

19 Ragel het gesterf en hulle het haar begrawe langs die pad na Efrata. Efrata se ander
naam is Betlehem.

20 Jakob het ’n gedenksteen op haar graf gesit. Dit is die gedenksteen wat vandag
nog op Ragel se graf is.

21 Jakob het toe verder getrek en hy het sy tente anderkant die stad Migdal-Eder
opgeslaan.

22 Terwyl Jakob in daardie land gewoon het, het Ruben seks gehad met sy pa se
byvrou Bilha, en Jakob het daarvan gehoor.

Jakob se seuns

Jakob het twaalf seuns gehad.

23 Lea se seuns was Ruben, die oudste, Simeon, Levi, Juda, Issaskar en Sebulon.

24 Ragel se seuns was Josef en Benjamin.

25 Ragel se slavin Bilha se seuns was Dan en Naftali.

26 Lea se slavin Silpa se seuns was Gad en Aser. Dit was Jakob se seuns wat in Paddan-
Aram gebore is.

Isak sterf

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Jakob het by sy pa Isak in Mamre by Kirjat-Arba gekom. Kirjat-Arba se ander naam was Hebron. Die mense van daardie land het vir Abraham en Isak toegelaat om daar te woon.

28Isak het 180 jaar oud geword,

29toe het hy gesterf. Hy was baie oud. Sy seuns Esau en Jakob het hom begrawe.

Genesis 36

Esau se nageslag

(Kyk ook 1 Kron 1:35-42)

1Hier is ’n lys van die nageslag van Esau. Esau se ander naam was Edom.

2Esau het getrou met vroue uit Kanaän. Die vroue was Ada, die dogter van die Hetiet Elon, en Oholibama, die dogter van Ana wat die dogter was van die Hewiet Sibon.

3Sy ander vrou was Basemat, sy was die dogter van Ismael en die suster van Nebajot.

4Ada het ’n seun gekry vir Esau, die seun se naam was Elifas, en Basemat het ’n seun Reüel gekry.

5Oholibama se seuns was Jeüs, Jalam en Korag. Dit is die seuns van Esau wat in Kanaän gebore is.

6Esau het alles geneem wat hy gehad het: sy vroue, sy seuns en dogters en al die mense in sy huis en alles wat hy gehad het, al sy vee en alles wat hy in Kanaän bymekaargemaak het. Hy het na ’n ander land gegaan, weg van sy broer Jakob.

7Esau het weggetrek omdat hulle goed te veel was, hulle kon nie saam woon nie. Daar was nie genoeg plek vir al hulle diere in die land nie, die land waar hulle vreemdelinge was.

8So het Esau en sy nageslag, die mense van Edom, in die Seïr-berge gaan woon.

9Hier is die name van Esau se nageslag in die Seïr-berge:

10Die name van Esau se seuns was Elifas, Ada se seun, en Reüel, Basemat se seun.

11Elifas se seuns was Teman, Omar, Sefo, Gatam en Kenas.

12Timna was Elifas se byvrou, en sy het ’n seun gekry vir Elifas, die seun se naam was Amalek. Dit was die nageslag van Esau se vrou Ada.

13Reüel se seuns was Nagat, Serag, Samma en Missa. Hulle was die nageslag van Esau se vrou Basemat.

14Esau se ander vrou was Oholibama. Sy was die dogter van Ada en die kleindogter van Sibon. Sy het ook seuns vir Esau gekry. Hulle name was Jeüs, Jalam en Korag.

Die leiers in Edom

© Bible Society of South Africa.

15Hier is die name van die leiers van Esau se nageslag: Elifas was Esau se oudste
seun. Die leiers van sy nageslag was Teman, Omar, Sefo, Kenas,

16Korag, Gatam en Amalek. Hulle was leiers in Edom, en hulle was die nageslag van
Elifas en Ada.

17Die leiers van die nageslag van Reüel, Esau se ander seun, was Nagat, Serag,
Samma en Missa. Hulle was ook almal leiers van hulle families in Edom. Hulle was die
nageslag van Esau en sy vrou Basemat.

18Die leiers van die nageslag van Esau se vrou Oholibama was Jeüs, Jalam en Korag.
Hulle was ook almal leiers van hulle families en hulle was die nageslag van Esau en sy
vrou Oholibama, die dogter van Ana.

19Dit is die name van die nageslag van Esau, en die leiers van die families van Edom.

Die nageslag van Seïr

20Hier is die nageslag van Seïr, die Goriet wat in Edom gewoon het: Lotan, Sobal,
Sibon, Ana,

21Dison, Eser en Disan. Hulle was die leiers van die Goritiese families en van die
nageslag van Seïr in Edom.

22Lotan se seuns was Gori en Hemam, en Lotan se suster was Timna.

23Sobal se seuns was Alwan, Managat, Ebal, Sefi en Onam.

24Sibon se seuns was Aja en Ana. Ana het sy pa Sibon se donkies in die woestyn
opgepas, en in daardie tyd het hy fonteine met warm water in die woestyn gekry.

25Ana se seun was Dison en Oholibama was haar dogter.

26 Disan se seuns was Gemdan, Esban, Jitran en Keran.

27Eser se seuns was Bilhan, Saäwan en Akan.

28 Disan se seuns was Us en Aran.

29Die leiers van die Goritiese families was Lotan, Sobal, Sibon, Ana,

30Dison, Eser en Disan. Hulle was almal leiers van Goritiese families in Seïr.

Die konings van Edom

(Ook 1 Kron 1:43-50)

31Daar was konings in die land Edom voordat daar ’n koning oor die Israeliete was.
Hier is die name van die konings in Edom:

32Bela, die seun van Beor. Sy stad se naam was Dinhaba.

33Toe Bela sterf, het Jobab koning geword. Jobab was die seun van Serag van die
stad Bosra.

34Toe Jobab sterf, het Gusam van Temaniete-land koning geword.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

35Toe Gusam sterf, het Hadad, die seun van Bedad, koning geword. Hadad het die
Midianiete oorwin in die land Moab. Sy stad se naam was Awit.

36Toe Hadad sterf, het Samla van die stad Masreka koning geword.

37Toe Samla sterf, het Saul van die stad Regobot koning geword. Regobot was langs
die rivier.

38Toe Saul sterf, het Baäl-Ganan, die seun van Akbor, koning geword.

39Toe Baäl-Ganan seun van Akbor sterf, het Hadar koning geword. Sy stad se naam
was Paü. Hadar se vrou se naam was Mehetabel. Sy was die dogter van Matred en
die kleindogter van Me-Sahab.

Die stamhoofde in Edom

(Ook 1 Kron 1:51-54)

40Hier is die name van die stamhoofde van die nageslag van Esau: Timna, Alwa,
Jetet,

41Oholibama, Ela, Pinon,

42Kenas, Teman, Mibsar,

43Magdiël en Iram. Hulle was almal stamhoofde van Edom. Die woonplekke het
dieselfde name as die leiers gehad. Esau was die stamvader van die Edomiete.

Genesis 37

Josef se drome

1Jakob het in Kanaän gewoon. Sy pa Isak was voorheen daar ’n vreemdeling.

2Hier is die verhaal van Jakob se familie. Josef was jonk, hy was 17 jaar oud en hy het
skape en bokke opgepas saam met sy broers, die seuns van sy pa se vroue Bilha en
Silpa. Josef het vir sy pa stories vertel oor wat sy broers gedoen het.

3Jakob se ander naam was Israel. Jakob was meer lief vir Josef as vir al sy ander seuns
omdat Josef gebore is toe Jakob al oud was. Jakob het vir Josef ’n lang rok met moue
gemaak.

4Sy broers het gesien dat hulle pa meer lief is vir Josef as vir hulle. Daarom het hulle
vir Josef gehaat. Hulle wou niks goed van hom sê nie, hulle het gewens dat dit sleg
gaan met hom.

5Josef het een nag gedroom en hy het vir sy broers vertel wat hy gedroom het. Toe
het hulle hom nog meer gehaat.

6Hy het vir hulle gesê: “Ek het gedroom

7dat ons besig was om koring-gerwe vas te bind op die koringland. My gerf het
regop gaan staan, en julle gerwe kom staan toe rondom my gerf en buig voor hom.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Sy broers sê toe vir hom: “Dink jy regtig jy sal koning word en oor ons regeer?” Hulle
het hom nog meer gehaat oor die droom waarvan hy hulle vertel het.

9Josef het weer gedroom en hy het vir sy broers vertel wat hy gedroom het. Hy het
gesê: “Ek het weer gedroom. Ek het gedroom dat die son en die maan en elf sterre
voor my kom buig.”

10Hy het vir sy pa en sy broers vertel wat hy gedroom het. Sy pa het toe met hom
geraas en hy het vir Josef gesê: “Wat droom jy? Dit is nie reg dat ek en jou ma en jou
broers voor jou moet kom buig nie.”

11Sy broers was baie jaloers op hom, maar sy pa het baie oor die drome gedink.

Josef word ’n slaaf

12Josef se broers het hulle pa se skape en bokke naby die stad Sigem gaan oppas.

13Jakob het vir Josef gesê: “Jou broers pas die skape en bokke op in Sigem. Jy moet
na hulle toe gaan.” Josef het gesê: “Goed, Pa, ek sal gaan.”

14Toe sê Jakob vir Josef: “Gaan kyk of dit goed gaan met jou broers en of dit goed
gaan met die skape en bokke. Gaan kyk en kom vertel alles vir my.” So het Jakob vir
Josef uit die Hebron-vallei gestuur, en Josef het na Sigem gegaan.

15Josef het in die veld geloop, en ’n man het hom gesien. Die man vra toe vir hom:
“Wat soek jy?”

16Josef antwoord hom: “Ek soek my broers. As jy weet waar hulle die skape en bokke
oppas, sê asseblief vir my.”

17Die man sê toe: “Hulle is nie meer hier nie. Hulle het weggegaan van hier. Ek het
gehoor hulle sê hulle gaan na Dotan.” Josef het sy broers gevolg en hy het hulle in
Dotan gekry.

18Hy was nog ver van hulle, toe het hulle hom gesien aankom. Voordat hy by hulle
gekom het, het hulle ’n plan gemaak om hom dood te maak.

19Hulle het vir mekaar gesê: “Daar kom die groot dromer aan.

20Kom ons maak hom dood en gooi hom in ’n put. Ons kan vir ons pa vertel dat ’n
wilde dier hom opgevreet het. Dan sal ons sien dat al sy drome niks beteken het nie.”

21Maar Ruben het dit gehoor en hy wou vir Josef red. Hy sê toe: “Nee, ons moenie
hom doodmaak nie.

22Moenie bloed laat vloei nie. Gooi hom in hierdie put in die veld, maar moenie hom
doodmaak nie.” Ruben het dit gesê sodat hy later vir Josef kon red en hom na sy pa
toe kon laat teruggaan.

23Toe Josef by sy broers kom, het hulle sy lang rok uitgetrek, die lang rok met moue.

© Bible Society of South Africa.

24Hulle vat hom toe en gooi hom in die put. Die put was leeg, daar was nie water in nie.

25Hulle gaan sit toe om te eet, en toe hulle kyk, sien hulle ’n klomp Ismaeliete wat uit Gilead kom. Hulle was handelaars en daar was boomgom, balsem en hars op hulle kamele. Hulle wou dit na Egipte neem om te verkoop.

26Juda sê toe vir sy broers: “Ons sal niks kry as ons ons broer Josef doodmaak en daaroor stilbly nie.

27Kom ons verkoop hom aan die Ismaeliete. Ons moenie hom doodmaak nie. Onthou, hy is ons eie broer.” Juda se broers het toe na hom geluister.

28Toe die handelaars van Midian verbykom, het Josef se broers hom uit die put opgetrek en hulle het hom aan die Ismaeliete verkoop vir 20 stukke silwer. Die handelaars het vir Josef saamgeneem na Egipte.

29Toe Ruben terugkom by die put en sien dat Josef nie meer in die put is nie, was hy baie hartseer. Hy het sy klere geskeur.

30Hy het teruggegaan na sy broers toe en hy het vir hulle gesê: “Die kind is nie meer daar nie. Wat moet ek nou doen?”

31Die broers slag toe ’n bok en hulle vat Josef se lang rok en smeer dit vol bloed.

32Toe stuur hulle sy rok na hulle pa toe en hulle laat weet vir hom: “Ons het hierdie rok opgetel. Kyk of dit miskien jou seun Josef se rok is.”

33Jakob het daarna gekyk en gesê: “Dit is my seun se rok. ’n Wilde dier het hom doodgemaak en opgevreet. Die dier het my seun Josef verskeur!”

34Jakob was baie hartseer. Hy het sy klere geskeur en rouklere aangetrek. Hy het ’n lang tyd oor sy seun gehuil en getreur.

35Al sy seuns en dogters het gekom om hom te troos, maar hy wou nie hê dat hulle hom moet troos nie. Hy het gesê: “Ek sal aanhou treur oor hom totdat ek sterf.” Jakob het baie oor Josef gehuil.

36Die Midianiete het vir Josef in Egipte aan Potifar verkoop. Potifar was ’n belangrike amptenaar van die farao. Hy was hoof van die wagte wat die farao moes oppas.

Genesis 38

Juda en Tamar

1In daardie tyd het Juda weggegaan van sy broers. Hy het sy tent opgeslaan in Adullam, naby ’n ander man, sy naam was Gira.

© Bible Society of South Africa.

2Daar het Juda ’n meisie van Kanaän gesien. Haar pa se naam was Sua. Juda het met haar getrou en hy het seks gehad met haar.

3Sy het swanger geword en ’n seun gekry. Juda het hom Er genoem.

4Sy het weer swanger geword en weer ’n seun gekry en sy het hom Onan genoem.

5Sy het nog ’n seun gekry en sy het hom Sela genoem. Hulle was in Kesib toe haar seun Sela gebore is.

6Juda het ’n vrou gekies vir sy oudste seun Er. Die vrou se naam was Tamar.

7Juda se oudste seun Er was ’n slegte man, en daarom het die Here hom laat sterf.

8Juda het toe vir sy tweede seun Onan gesê: “Gaan slaap by jou broer Er se weduwee sodat sy ’n kind kan kry, want jy is haar swaer. Doen dit sodat daar ’n nageslag vir jou broer kan wees.”

9Maar Onan het besef dat die nageslag wat uit haar gebore sou word, nie sy nageslag sou wees nie. Hy het seks gehad met sy broer se weduwee, maar elke maal het hy sy saad op die grond laat val. Hy het dit gedoen omdat hy nie vir sy broer ’n nageslag wou laat kry nie.

10Wat Onan gedoen het, was verkeerd. Die Here was ontevrede daaroor en Hy het vir Onan ook laat sterf.

11Juda sê toe vir sy skoondogter Tamar: “Gaan terug na jou pa se huis en bly ’n weduwee totdat my seun Sela groot is.” Juda was bang dat Sela ook sou sterf, soos sy broers. Tamar het in haar pa se huis gaan bly.

12Ná ’n lang tyd het Juda se vrou Bat-Sua gesterf. Hy het gehuil en getreur oor haar, en toe die tyd verby was toe hy gerou het, het hy na die stad Timna gegaan om sy skape en bokke te gaan skeer. Sy vriend Gira van Adullam het saam met hom gegaan.

13Die mense het vir Tamar vertel: “Jou skoonpa gaan na Timna om sy skape en bokke te skeer.”

14Tamar het gesien dat Sela groot geword het, maar Juda het haar nie vir Sela gegee sodat hulle twee kon trou nie. Tamar trek toe haar weduwee-klere uit en maak haar gesig toe met ’n sluier. Sy het haar vermom en gaan sit by die stad Enajim se poort langs die pad wat na Timna gaan.

15Toe Juda haar sien, het hy gedink dat sy ’n prostituut is, want sy het haar gesig toegemaak met ’n sluier.

16Hy het by haar gestop en vir haar gesê: “Kom, ek wil asseblief seks hê met jou.” Hy het nie geweet dat dit sy skoondogter is nie. Tamar vra toe vir hom: “Wat sal jy my betaal?”

© Bible Society of South Africa.

17Hy het geantwoord: “Ek sal vir jou ’n bok-lam gee. Ek sal dit later vir jou stuur.” Sy
sê toe: “Jy moet eers vir my ’n bewys gee dat jy die bok-lam sal stuur.”

18Hy vra toe: “Watter bewys wil jy hê? Wat moet ek vir jou gee?” En sy sê: “Jou seël
met sy toutjie, en die kierie wat in jou hand is.” Hy het dit vir haar gegee. Juda het
seks gehad met haar, en sy het swanger geword.

19Sy het weggegaan, haar sluier afgehaal en weer haar weduwee-klere aangetrek.

20Juda het sy vriend Gira van Adullam gestuur om die bok-lam vir haar te bring, sodat
hy die seëlring en die toutjie en die kierie kon terugkry van die vrou, maar sy vriend
Gira kon nie die vrou kry nie.

21Gira vra toe vir die mense by die plek waar sy gesit het: “Waar is die tempel-
prostituut wat by Enajim langs die pad gesit het?” Maar hulle sê: “Hier is nie ’n
tempel-prostituut nie.”

22Gira gaan toe terug na Juda toe en sê vir hom: “Ek het haar nie gekry nie, en die
mense van daardie plek sê ook daar is nie ’n tempel-prostituut daar nie.”

23Toe sê Juda: “Sy mag die goed hou. Ek wil nie hê die mense moet ons spot nie. Ek
het die bok-lam gestuur, maar jy kon haar nie kry nie.”

Tamar kry twee seuns

24Omtrent drie maande later het die mense vir Juda vertel: “Jou skoondogter Tamar
het seks gehad met ’n man, sy was soos ’n slegte vrou. Sy is nou swanger.” Juda sê
toe: “Bring haar uit sodat ons haar kan verbrand.”

25Die mense het haar uitgebring, maar sy het vir haar skoonpa ’n boodskap gestuur:
“Ek is swanger, en hierdie goed behoort aan die man wat seks gehad het met my.
Kyk asseblief goed wie se seëlring en toutjie en kierie dit is.”

26Juda het gesien dat dit sy eie goed is en toe sê hy: “Sy is onskuldig. Dit is ék wat
verkeerd is, want ek het nie my seun Sela met haar laat trou nie.” Juda het nie weer
seks gehad met haar nie.

27Die tyd het gekom dat die kind gebore moes word, en Tamar het ’n tweeling gekry.

28Toe die babas gebore word, steek die een sy hand uit. Die vrou wat vir Tamar
gehelp het, neem toe ’n stuk rooi garing en bind dit om sy arm. Sy het gesê: “Hierdie
een het eerste uitgekom.”

29Maar hy het sy hand teruggetrek, en toe kom sy broer eerste uit. Sy sê toe: “Jy het
vir jouself ’n pad oopgebreek.” En sy het hom Peres genoem.

30Daarna is sy broer gebore met die rooi garing aan sy hand, en sy het hom Serag
genoem.

Genesis 39

© Bible Society of South Africa.

Josef werk in Potifar se huis

1Die Ismaelitiese handelaars het vir Josef na Egipte gebring. ’n Belangrike amptenaar, Potifar, het hom gekoop. Potifar was die hoof van die wagte wat die farao moes oppas.

2Die Here was by Josef, en dit het baie goed gegaan met alles wat hy gedoen het. Hy het in die huis van sy eienaar in Egipte gewoon.

3Potifar het gesien dat die Here by Josef is. Hy het gesien dat die Here dit goed laat gaan met alles wat Josef doen.

4Daarom was Potifar baie vriendelik met Josef, en Josef moes self vir Potifar kos bedien. Hy het vir Josef die hoof gemaak oor sy hele huis en alles wat hy het.

5Nadat Potifar vir Josef gekies en aangestel het oor sy huis en oor alles wat hy het, het die Here hom en sy huis geseën. Die Here het alles geseën in Potifar se huis en in sy boerdery.

6Potifar het hom oor niks bekommer nie, want hy het geweet dat Josef alles wat hy het, goed sal oppas. Hy het nie gedink aan enige iets wat hy het nie, hy het net gedink aan die kos wat hy geëet het.

Potifar laat vir Josef in die tronk toesluit

7Nadat Josef die bestuurder van die huis geword het, het Potifar se vrou na Josef begin kyk en sy het verlief geraak op hom. Sy het vir Josef gesê: “Kom slaap by my.”

8Maar Josef het geweier en hy het vir haar gesê: “Nee, Meneer weet dat ek alles in sy huis goed sal oppas.

9Ek mag van alles gebruik wat hy het, maar ek mag nie seks hê met jou nie, want jy is sy vrou. Ek mag nie hierdie baie verkeerde ding doen nie. Dit is sonde teen God.”

10Potifar se vrou het aangehou en sy het elke dag probeer om vir Josef te verlei, maar hy het nie na haar geluister nie, en hy het nie seks gehad met haar nie.

11Eendag het hy in Potifar se huis kom werk, soos hy altyd gedoen het. Daar was niemand anders in die huis nie.

12Potifar se vrou het vir Josef gegryp en sy het aan sy klere vasgehou en gesê: “Kom slaap by my.” Maar Josef het buitetoe gevlug en hy het sy klere daar gelos, die klere wat sy in haar hand vasgehou het.

13Toe sy sien dat Josef sy klere in haar hand gelos het toe hy buitetoe gevlug het,

14roep sy die ander mense van haar huis en sê vir hulle: “Kyk, Meneer het hierdie Hebreeuse slaaf hiernatoe gebring om met ons te spot. Hy het na my toe gekom om seks te hê met my, maar ek wou nie en ek het baie hard geskree.

15Toe hy hoor ek skree so hard, het hy sy klere by my gelos en buitetoe gevlug.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Sy het Josef se klere by haar gehou totdat haar man by die huis gekom het.

17Toe vertel sy vir hom: “Die Hebreeuse slaaf wat jy na ons toe gebring het, het na my toe gekom en wou seks hê met my.

18Ek het baie hard geskree, en toe het hy sy klere by my gelos en buitetoe gevlug.”

19Toe Potifar hoor wat sy vrou vir hom vertel wat Josef wou doen, het hy baie kwaad geword.

20Potifar het vir Josef in die tronk laat toesluit, die tronk waar die koning sy gevangenes gehou het. Josef het lank daar in die tronk gebly.

21Maar die Here was by Josef en Hy het hom gehelp. Daarom was die hoof van die tronk ook vriendelik met Josef.

22Hy het Josef die hoof gemaak oor al die gevangenes in die tronk. Josef moes kyk dat alles reg gaan in die tronk.

23Die hoof van die tronk het hom oor niks in die tronk bekommer nie, want Josef het gekyk dat alles reg gaan. Die Here was by Josef, en dit het goed gegaan met alles wat hy gedoen het.

Genesis 40

Josef sê wat die skinker en die bakker se drome beteken

1Ná ’n tyd het ’n skinker en ’n bakker van die farao van Egipte iets teen die farao gedoen wat verkeerd was.

2Die farao was baie kwaad vir hierdie twee amptenare. Hulle was die hoof van die skinkers en die hoof van die bakkers.

3Die farao het hulle laat toesluit in die huis van die hoof van die wagte wat hom opgepas het. Dit was dieselfde plek waar Josef ’n gevangene was.

4Die hoof van die farao se wagte het Josef gekies en aangestel om ook vir die skinker en die bakker kos te bedien. Hulle was lank in die tronk.

5Een nag het die skinker en die bakker gedroom. Elkeen se droom het iets beteken.

6Toe Josef die volgende oggend by hulle kom, het hy gesien dat hulle bekommerd is.

7Hy vra toe vir die amptenare: “Hoekom lyk julle vandag so bekommerd?”

8Hulle het vir hom gesê: “Ons altwee het gedroom, en daar is niemand wat vir ons kan sê wat ons drome beteken nie.” Josef het vir hulle gesê: “Net God kan sê wat drome beteken. Vertel vir my wat julle gedroom het.”

9Die hoof van die skinkers vertel toe sy droom vir Josef en hy sê: “Ek het gedroom ek sien ’n wingerdstok voor my.

© Bible Society of South Africa.

10Daar was drie ranke aan die wingerdstok. Daar het knoppies op die ranke gekom,
dit het bloeisels geword en baie gou was daar trosse ryp druiwekorrels.

11Ek het die farao se beker in my hand gehou, en ek het van die druiwe geneem en
dit uitgedruk in die farao se beker. Toe het ek die beker vir die farao gegee."

12Josef sê toe vir hom: "Ek sal vir jou sê wat jou droom beteken: Die drie ranke
beteken drie dae.

13Oor drie dae sal die farao aan jou dink en hy sal jou werk vir jou teruggee. Jy sal
weer die farao se wyn skink en sy beker vir hom gee soos voorheen toe jy sy skinker
was.

14Maar jy moet aan my dink wanneer dit goed gaan met jou. Jy moet asseblief iets
doen om my te help. Vertel vir die farao van my, sodat hy my uit hierdie tronk kan
laat haal.

15Hulle het my weggevat uit die land van die Hebreërs. Ek het nie daar of hier iets
gedoen wat verkeerd is nie, maar hulle het my in die tronk toegesluit."

16Toe die hoof van die bakkers hoor Josef het gesê die skinker se droom beteken dat
dit goed sal gaan met hom, sê hy vir Josef: "Ek het ook gedroom. Ek het gedroom
daar was drie mandjies op my kop.

17In die boonste mandjie was daar lekker gebakte kos vir die farao. Maar die voëls
het die kos uit die mandjie opgevreet toe die mandjie nog op my kop was."

18Toe sê Josef vir hom: "Ek sal vir jou sê wat jou droom beteken: Die drie mandjies
beteken drie dae.

19Oor drie dae sal die farao aan jou dink. Hy sal jou uit die tronk laat kom en hy sal
jou aan 'n boom laat ophang. Die voëls sal kom en hulle sal jou vleis van jou liggaam
afvreet."

Die skinker vergeet van Josef

20Drie dae later het die farao verjaar en hy het 'n groot fees gehou vir al sy mense.
Hy het toe gedink aan die hoof van die skinkers en aan die hoof van die bakkers en
hy het hulle uit die tronk laat kom.

21Hy het die hoof van die skinkers weer aangestel om sy skinker te wees, sodat hy
weer die wyn kon skink in die farao se beker en dit vir hom kon gee,

22maar hy het die hoof van die bakkers laat ophang, soos Josef vir hulle gesê het.

23Die hoof van die skinkers het nie toe aan Josef gedink nie, hy het vergeet van hom.

Genesis 41

Josef sê wat die farao se drome beteken

© Bible Society of South Africa.

1Twee jaar later het die farao ’n droom gehad. Hy het gedroom hy staan langs die
Nyl-rivier.

2Daar het sewe mooi vet koeie uit die rivier gekom, en hulle het gaan wei in die riete
langs die rivier.

3Daarna het daar ook sewe ander koeie uit die Nyl-rivier gekom. Hulle was lelik en
maer en hulle het by die vet koeie op die rivier se wal gaan staan.

4Toe vreet die lelike, maer koeie die sewe mooi, vet koeie op. Daarna het die farao
wakker geword.

5Hy het weer aan die slaap geraak en weer gedroom. Hy het gedroom daar is ’n
koringplant en daar groei sewe mooi en vol koring-are uit die koringplant.

6Daarna het daar ook sewe maer koring-are uitgekom. Die koring-are was verlep,
want die warm oostewind het hulle droog gewaai.

7Die sewe maer koring-are het die sewe vet, vol koring-are ingesluk. Toe word die
farao wakker, en hy het besef dat hy gedroom het.

8Die volgende oggend was die farao bekommerd oor sy drome. Hy het al die
waarsêers laat roep, en ook die slim mense wat altyd vir hom moes sê wat die
regte ding is om te doen. Die farao het vir hulle vertel wat hy gedroom het, maar
daar was niemand wat vir hom kon sê wat sy drome beteken nie.

9Toe sê die hoof van die skinkers vir die farao: “Ek het iets vergeet en ek wil dit
vandag vir jou vertel.

10’n Tyd gelede was jy kwaad vir ons en jy het my en die hoof van die bakkers in die
tronk toegesluit, in die huis van die hoof van die wagte wat jou oppas.

11Ons het een nag gedroom, ek en hy. Elkeen het sy eie droom gehad, en elkeen se
droom het iets anders beteken.

12Saam met ons was daar ’n jong Hebreër. Hy was die slaaf van die hoof van jou
wagte. Ons het vir hom vertel wat ons gedroom het, en hy het vir ons gesê wat ons
drome beteken.

13Dit het alles gebeur presies soos hy dit vir ons gesê het: Jy het my werk vir my
teruggegee en jy het die bakker laat ophang.”

14Toe het die farao vir Josef laat roep en hulle het hom gou uit die tronk gaan haal.
Hy het gewas en geskeer en ander klere aangetrek en na die farao toe gegaan.

15Die farao sê toe vir Josef: “Ek het gedroom, maar niemand kan vir my sê wat die
drome beteken nie. Ek het gehoor dat jy kan sê wat ’n droom beteken as jy dit hoor.”

16Josef het vir die farao gesê: “Dit is nie ék wat dit doen nie. Dit is Gód wat vir jou die
regte antwoord sal gee.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Die farao sê toe vir Josef: “Ek het gedroom ek staan op die wal van die Nyl-rivier.

18Toe kom daar uit die rivier sewe vet, mooi koeie en hulle wei tussen die riete.

19Daarna het daar sewe ander koeie uitgekom na hulle toe. Hulle was baie lelik en maer. Ek het nog nooit leliker koeie in Egipte gesien nie.

20Die maer, lelike koeie vreet toe die sewe vet koeie op.

21Hulle het die vet koeie ingesluk, maar ’n mens kon nie sien dat hulle die vet koeie opgevreet het nie, want hulle was so maer soos voorheen. Toe het ek wakker geword.

22“Daarna het ek gedroom daar is ’n koringplant, en daar groei sewe koring-are uit die plant. Die koring-are was mooi en vol.

23Ná hulle het daar ook sewe droë, maer koring-are uitgekom. Die warm oostewind het hulle droog gewaai.

24Die sewe maer koring-are sluk toe die sewe mooi koring-are in. “Ek het dit vertel vir die waarsêers, maar niemand kon vir my sê wat my drome beteken nie.”

25Josef het vir die farao gesê: “Die twee drome wat jy gehad het, beteken dieselfde. God het vir jou gesê wat Hy wil doen.

26Die sewe mooi koeie beteken sewe mooi jare, en die sewe mooi koring-are beteken ook sewe mooi jare en genoeg kos. Die drome beteken dieselfde.

27Die sewe maer, lelike koeie wat ná hulle uitgekom het, beteken sewe jare, en die sewe maer koring-are beteken ook sewe jare. Die warm oostewind het die koring-are droog gewaai. Daar sal sewe jaar lank hongersnood wees.

28Dit is wat ek vir jou moet sê: God het vir jou gewys wat Hy gaan doen.

29Daar sal nou sewe jaar lank baie kos in die hele Egipte wees, meer as genoeg.

30Daarna sal daar sewe jaar lank hongersnood wees. Die mense sal vergeet hoe baie kos daar was. Die mense en die land sal arm word.

31Die mense sal nie meer kan onthou van die baie kos wat daar was nie, omdat dit dan so sleg sal gaan.

32Die droom het twee maal na jou toe gekom, want God het dit klaar besluit en Hy sal nie lank wag om dit te doen nie.”

Josef word die hoof oor die mense van Egipte

33Josef het gesê: “Jy moet nou ’n slim man kies en hom die hoof oor die mense van Egipte maak.

34Dit is wat jy moet doen: Jy moet amptenare kies en aanstel oor Egipte en hulle moet een vyfde van die koring-oes bymekaarmaak in die sewe goeie jare.

© Bible Society of South Africa.

35Wanneer hulle al die kos bymekaargemaak het, dan moet hulle die koring bêre en
oppas in die farao se stoorkamers in die stede.

36Daar sal dan kos wees om te gebruik in die sewe jare wanneer die koring-oes min
sal wees in Egipte. Dan sal dit nie so sleg gaan met die land nie."

37Die farao en al sy amptenare het geluister na wat Josef gesê het en hulle het sy
plan aanvaar.

38Die farao sê toe vir sy amptenare: "Daar is nie 'n ander man soos hierdie man nie.
God het hierdie dinge vir hom gewys."

39Die farao het vir Josef gesê: "God het alles vir jou geleer, en daar is niemand wat so
slim is soos jy nie.

40Jy sal die hoof van die land wees. Al my mense moet luister na jou en hulle moet
doen wat jy sê. Net ek sal belangriker wees as jy, omdat ek die farao is.

41Ek maak jou die hoof oor die hele Egipte."

42Die farao haal toe sy ring af en hy sit dit aan Josef se vinger. Hy het vir Josef linne-
klere gegee om aan te trek en hy het 'n goue ketting om sy nek gehang.

43Hy het vir Josef op sy tweede beste oorlogkar laat ry, en die mense het geskree:
"Julle moet buig voor Josef!" So het die farao vir Josef die hoof gemaak oor die hele
Egipte.

44Die farao het vir Josef gesê: "Ek is die farao, maar almal in Egipte moet luister na
jou, niemand mag iets doen as jy dit nie sê nie."

45Die farao het vir Josef 'n ander naam gegee. Hy het hom Safenat-Paneag genoem
en hy het vir Josef 'n vrou gegee. Haar naam was Asenat en sy was die dogter van
Poti-Fera, die priester van die stad On.

46Josef was 30 jaar oud toe hy begin werk het by die farao, die koning van Egipte.
Nadat die farao met hom gepraat het, het Josef deur die hele Egipte gery.

47Daar was sewe jaar lank baie kos in Egipte.

48Josef het al die koring laat bymekaarmaak in die sewe jaar toe daar baie kos in
Egipte was. Hy het die koring-oes van elke deel van die land gebêre in die stede wat
daar naby was.

49Josef het die koring in die stoorkamers gebêre. Dit was baie, so baie soos die sand
van die see. Hy het later opgehou om alles te weeg, want dit was te veel.

50Josef en sy vrou Asenat het twee seuns gehad. Hulle is gebore vóór die tyd toe daar
hongersnood was. Asenat was die dogter van Poti-Fera, die priester van On.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

51Josef het sy oudste seun Manasse genoem. Hy het gesê: “God het my gehelp om
te vergeet dat ek swaargekry het, en ook om te vergeet van my familie.”

52Josef het sy tweede seun Efraim genoem. Hy het gesê: “God het my vrugbaar
gemaak in die land waar ek baie swaar gekry het.”

53Die sewe goeie jare het verbygegaan, die jare toe daar baie kos in Egipte was.

54Daarna het die sewe slegte jare begin, die jare toe daar min kos was. Dit was
presies soos Josef gesê het. Daar was min kos in al die ander lande, maar in Egipte
was daar genoeg kos.

55Toe die mense van Egipte begin honger ly, het hulle vir die farao kos gaan vra. Die
farao het vir al die mense van Egipte gesê: “Gaan na Josef toe en doen wat hy vir
julle sê.”

56Toe die kos in die land min word, het Josef die stoorkamers oopgemaak en hy het
koring aan die Egiptenaars verkoop.

57Die mense van die ander lande het ook na Egipte gekom om koring te koop, want
daar was baie min kos op die hele aarde.

Genesis 42

Josef se broers kom na Egipte

1Jakob het gehoor daar is koring in Egipte, en hy het vir sy seuns gesê: “Hoekom kyk
julle vir mekaar?

2Ek het gehoor daar is koring in Egipte. Julle moet daarnatoe gaan en julle moet
koring vir ons gaan koop sodat ons kos kan hê om te eet en nie sterf van die honger
nie.”

3Tien van Josef se broers het toe na Egipte gegaan om koring te gaan koop.

4Jakob het nie vir Benjamin saam met sy broers laat gaan nie. Hy was bang daar
gebeur miskien iets met Benjamin. Benjamin en Josef was seuns van dieselfde ma.

5So het Israel se seuns saam met ander mense van Kanaän gegaan om koring in
Egipte te koop, omdat daar min kos in Kanaän was.

6Josef was die hoof van die land en hy het die koring aan die mense verkoop. Josef se
broers het gekom en hulle het voor hom gebuig.

7Toe Josef sy broers sien, het hy geweet dat dit sy broers is, maar hy het gemaak of
hy hulle nie ken nie. Hy het kwaai met hulle gepraat en vir hulle gevra: “Van waar
kom julle?” Hulle het gesê: “Ons kom van Kanaän. Ons kom kos koop.”

8Josef het sy broers herken, maar hulle het nie geweet dat dit Josef is nie.

© Bible Society of South Africa.

9Josef dink toe aan die droom wat hy oor hulle gehad het en hy sê vir hulle: “Julle is spioene. Julle het gekom om te kyk waar julle die land kan aanval.”

10Hulle sê toe vir hom: “Nee, Meneer, ons het gekom om kos te koop.

11Ons is almal seuns van een pa. Ons is eerlike mense, ons is nie spioene nie.”

12Maar Josef het vir hulle gesê: “Nee, julle het gekom om te kyk waar julle die land kan aanval.”

13Hulle het gesê: “Ons was twaalf broers, ons is die seuns van een man in Kanaän. Die jongste seun is nog by ons pa, en een seun is dood.”

14Josef sê toe vir hulle: “Dit is soos ek vir julle gesê het. Julle is spioene.

15Ek sal julle toets: Julle sal nie hier weggaan voordat julle jongste broer ook hiernatoe gekom het nie, so seker soos die farao lewe.

16Een van julle moet julle broer gaan haal, maar julle ander moet hier in die tronk bly. So sal ek uitvind of julle die waarheid praat of nie. Julle is spioene, so seker soos die farao lewe.”

17Josef het hulle toe drie dae lank in die tronk toegesluit.

18Op die derde dag het Josef vir hulle gesê: “Ek dien God. As julle doen wat ek sê, dan sal ek julle nie doodmaak nie.

19As julle eerlike mense is, dan moet een van julle broers hier in die tronk bly. Julle ander kan dan gaan en vir julle honger mense by die huis koring bring.

20Julle moet daarna julle jongste broer na my toe bring. Dan sal ek julle glo, en dan sal julle nie sterf nie.” Die broers het dit toe gedoen.

21Hulle het vir mekaar gesê: “Ons is skuldig, want ons het ’n baie verkeerde ding aan ons broer gedoen. Ons het gesien dat hy baie bang was, en hy het ons gesoebat om hom te help, maar ons het nie geluister nie. Daarom het ons nou hierdie probleme gekry.”

22Ruben het vir hulle gesê: “Ek het vir julle gesê julle moet dit nie met die kind doen nie, maar julle het nie geluister nie. Dit is ons skuld dat hy dood is, daarom straf God ons nou.”

23Hulle het nie besef dat Josef alles verstaan wat hulle vir mekaar sê nie, want wanneer hulle met Josef gepraat het, dan het iemand vir hulle en Josef getolk.

24Josef het uitgegaan en hy het gaan huil. Toe het hy teruggekom na hulle toe en hy het met hulle gepraat. Hy het vir Simeon laat vasbind terwyl hulle gekyk het.

© Bible Society of South Africa.

25Josef het vir sy slawe gesê om sy broers se sakke vol koring te maak, en om hulle geld terug te sit in hulle sakke. Josef het ook gesê sy slawe moet vir sy broers padkos gee.

Die broers gaan terug na die land Kanaän

26Josef se broers het hulle koring op hulle donkies gelaai en teruggegaan.

27Hulle het by ’n plek gekom waar hulle daardie aand wou slaap, en een van die broers het sy sak oopgemaak om vir sy donkie kos te gee. Toe sien hy sy geld. Dit was bo in die sak.

28Hy sê toe vir sy broers: “Hulle het my geld teruggesit. Hier is dit in my sak.” Die broers het baie groot geskrik. Toe vra hulle vir mekaar: “Wat het God nou aan ons gedoen?”

29Toe hulle by hulle pa Jakob in Kanaän kom, het hulle vir hom vertel wat alles met hulle gebeur het.

30Hulle het gesê: “Die man wat die hoof van die land is, het kwaai met ons gepraat en hy het ons toegesluit in die tronk. Hy het gesê ons is spioene in sy land.

31Ons het vir hom gesê ons is eerlike mense, ons is nie spioene nie.

32Ons het vir hom gesê ons was twaalf broers, ons was almal seuns van dieselfde pa, een broer is dood en die jongste broer is by Pa in Kanaän.

33Die hoof van die land het toe vir ons gesê: ‘Ek sal uitvind of julle eerlike mense is. Julle moet een van julle broers by my laat bly. Neem dan kos vir julle honger mense by die huis en gaan terug.

34Maar julle moet julle jongste broer na my toe bring sodat ek kan weet julle is nie spioene nie, julle is eerlike mense. Dan sal ek julle broer teruggee, en dan mag julle oral in die land rondgaan.’ ”

35Jakob se seuns het hulle sakke leeggemaak, en elkeen kry toe sy beursie en sy geld in sy sak. Toe hulle dit sien, het hulle en hulle pa baie bang geword.

36Hulle pa Jakob het vir hulle gesê: “Julle vat al my kinders! Josef is dood en Simeon is nie meer hier nie. Nou wil julle vir Benjamin ook vat. Julle maak dit baie swaar vir my.”

37Ruben sê toe vir sy pa: “Pa mag my twee seuns doodmaak as ek nie vir Benjamin na Pa toe terugbring nie. Pa moet my glo. Laat Benjamin saamgaan met my, en ek belowe dat ek hom vir Pa sal terugbring.”

38Maar Jakob het gesê: “My seun Benjamin sal nie saam met julle gaan nie, want sy broer is dood en hy het alleen oorgebly. As daar iets sleg met hom op die pad gebeur, dan sal ek, ’n ou man, van hartseer sterf, en dan sal dit julle skuld wees.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Genesis 43

Benjamin gaan saam na Egipte

1Daar was nie kos in Kanaän nie.

2Die koring wat Jakob se seuns in Egipte gaan koop het, het ook alles opgeraak. Hulle pa het vir hulle gesê: “Julle moet teruggaan en julle moet kos vir ons gaan koop.”

3Juda sê toe vir hom: “Die man het baie duidelik vir ons gewaarsku en gesê: ‘Julle mag nie weer hier kom as julle broer nie saam met julle kom nie.’

4As Pa vir Benjamin saam met ons laat gaan, dan sal ons na Egipte gaan en vir Pa kos gaan koop.

5Maar as Pa hom nie laat saamgaan nie, dan sal ons nie gaan nie, want die man het vir ons gesê ons mag nie terugkom as ons broer nie by ons is nie.”

6Toe vra Jakob: “Hoekom het julle vir my hierdie probleme gemaak? Hoekom het julle vir die man vertel dat julle nog ’n broer het?”

7Hulle het gesê: “Die man het ons uitgevra oor onsself en oor ons familie. Hy het gevra of ons pa nog lewe en of ons nog ’n broer het. Ons het hom net vertel wat hy gevra het. Ons het nie geweet hy sou sê ons moet ons broer saambring nie.”

8Juda het vir sy pa Jakob gesê: “Laat die seun saam met my gaan en laat ons gereedmaak en gaan, sodat ons en Pa en ons familie kan lewe en nie sterf van die honger nie.

9Ek sal seker maak dat hy veilig is. Ek belowe dat ek vir Benjamin sal oppas. As ek hom nie terugbring sodat hy hier voor Pa kom staan nie, dan sal ek altyd skuldig wees by Pa.

10As ons nie so lank gewag het nie, dan kon ons nou al twee maal daarnatoe gegaan het en teruggekom het.”

11Hulle pa Jakob sê toe vir hulle: “As dit dan so moet wees, dan moet julle dit doen. Neem presente, die beste van ons land, in julle sakke saam en gee dit vir die man. Gee vir hom ’n bietjie balsem, ’n bietjie heuning, ’n bietjie gom, ’n bietjie hars, ’n bietjie neute en amandels.

12Neem twee maal soveel geld saam, neem ook die geld terug wat bo in julle sakke was. Miskien was dit ’n fout.

13Neem julle broer en gaan terug na daardie man toe.

14Ek bid dat God die Almagtige sal help dat die man vriendelik met julle sal wees. Ek bid dat hy julle broer Simeon en ook vir Benjamin sal laat terugkom saam met julle. Ek is bang ek verloor al my seuns.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Die broers het toe die presente geneem en ook twee maal meer geld as die eerste maal. Hulle het vir Benjamin saamgeneem. Hulle het na Egipte gegaan en voor Josef gaan staan.

16Toe Josef vir Benjamin by hulle sien, het hy vir die bestuurder van sy huis gesê: “Bring die manne na my huis. Slag ’n bees en maak kos gaar, want hulle sal vanmiddag saam met my eet.”

17Die man het gedoen wat Josef gesê het en hy het Josef se broers na Josef se huis geneem.

18Die broers het bang geword toe hy hulle na Josef se huis neem. Hulle het gesê: “Dit is oor die geld wat die eerste maal in ons sakke was. Hulle bring ons hiernatoe om ons te vang en in die tronk toe te sluit. Ons sal hulle slawe word en hulle sal ons donkies vat.”

19Hulle het toe gaan praat met die man wat die bestuurder was van Josef se huis. Hulle het vir hom gesê:

20“Asseblief, Meneer, ons het voorheen hiernatoe gekom om koring te koop.

21Toe ons by die plek kom waar ons wou slaap, het ons ons sakke oopgemaak, en toe sien ons elkeen se geld is bo in sy sak. Die geld was dieselfde soos wat ons betaal het. Nou het ons die geld teruggebring.

22Ons het ook ander geld saamgebring om kos te koop. Ons weet nie wie ons geld teruggesit het in ons sakke nie.”

23Die bestuurder van die huis sê toe: “Julle moenie bekommerd of bang wees nie. Julle God en julle pa se God het vir julle geld in julle sakke gegee. Ek het die geld gekry wat julle betaal het.” Hy bring toe vir Simeon na hulle toe.

24Die bestuurder het die broers na Josef se huis geneem. Hy het vir hulle water gegee om hulle voete te was en hy het vir hulle donkies kos gegee.

25Hy het vir hulle gesê hulle sal daar eet. Toe het die broers hulle presente reggesit om dit vir Josef te gee wanneer hy die middag kom.

26Toe Josef by die huis kom, het hulle die presente gebring en voor hom gebuig.

27Josef het vir hulle gevra hoe dit gaan. Hy het ook gevra: “Gaan dit goed met julle pa wat so oud is? Julle het my van hom vertel toe julle die eerste maal hier was. Lewe hy nog?”

28Hulle het geantwoord: “Dit gaan goed met ons pa. Hy lewe nog.” Hulle het gekniel en voor hom gebuig.

© Bible Society of South Africa.

29Toe Josef opkyk, sien hy sy broer Benjamin. Hy en Benjamin het dieselfde ma gehad. Toe vra hy: “Is dit julle jongste broer van wie julle my vertel het?” Josef het vir Benjamin gesê: “Ek bid dat God goed sal wees vir jou.”

30Toe gaan Josef vinnig uit die kamer, want hy wou huil omdat sy broer gekom het. Hy het in ’n ander kamer gaan huil.

31Daarna het hy sy gesig gewas en teruggekom. Hy was kalm en hy het gesê: “Sit die kos op die tafel.”

32Josef se slawe het sy kos altyd apart bedien by sy eie tafel. Josef se broers het ook by hulle eie tafel gesit. Die Egiptenaars wat by Josef geëet het, het hulle kos ook apart gekry, want die Egiptenaars eet nie saam met Hebreërs nie. Hulle sal dit nooit doen nie, want hulle dink dit is baie verkeerd.

33Die broers het voor Josef gesit, elkeen op sy eie plek. Die slawe het die broers langs mekaar laat sit, van die oudste tot die jongste. Die broers het na mekaar gekyk en hulle was verbaas.

34Josef het vir die broers kos van sy tafel aangegee, maar Benjamin se kos was vyf maal meer as die ander broers se kos. Hulle het saam met Josef wyn gedrink en dronk geword.

Genesis 44

Josef se plan om vir Benjamin by hom te hou

1Josef het vir die bestuurder van sy huis gesê: “Maak die manne se sakke vol koring. Maak dit so vol soos hulle kan dra en sit elkeen se geld terug in sy sak.

2My beker, die silwer beker, moet jy bo in die sak van die jongste broer sit saam met die geld vir sy koring.” Die bestuurder het gedoen wat Josef vir hom gesê het.

3Toe dit lig word die volgende oggend, het Josef se slawe die broers met hulle donkies laat gaan.

4Die broers was nog nie ver van die stad nie, toe sê Josef vir die bestuurder van sy huis: “Volg daardie manne. As jy by hulle kom, dan moet jy vir hulle vra: ‘Hoekom doen julle slegte dinge aan my? Ek was goed vir julle.

5Waar is die beker waaruit Meneer drink? Dit is die beker wat hy gebruik as hy vooruit wil sê wat later sal gebeur. Julle het ’n baie slegte ding gedoen.’ ”

6Die bestuurder het toe by die broers gekom en hy het dit vir hulle gesê.

7Hulle het vir hom gesê: “Hoekom praat Meneer so? Ons sal nooit so iets doen nie.

8Ons het die geld wat ons bo in ons sakke gekry het, vir jou teruggebring uit Kanaän. Ons sal nooit silwer of goud uit jou meneer se huis steel nie.

© Bible Society of South Africa.

9As jy die beker by een van ons kry, dan mag jy hom doodmaak, en dan word ons almal jou slawe.”

10Die bestuurder sê toe: “Goed, ons sal maak soos julle sê. Maar net die een by wie ek die beker kry, sal my slaaf word, julle ander mag gaan.”

11Elkeen sit toe gou sy sak op die grond neer en maak dit oop.

12Die bestuurder het in die sakke gesoek. Hy het by die oudste broer begin en by die jongste opgehou. Hy kry toe die beker in Benjamin se sak.

13Die broers het hulle klere geskeur omdat hulle hartseer en ontsteld was. Hulle het weer hulle goed op die donkies gelaai en teruggegaan na die stad.

14Toe Juda en sy broers by Josef se huis aankom, was Josef nog daar. Hulle het voor hom gaan lê met hulle gesigte teen die grond.

15Josef vra toe vir hulle: “Wat het julle gedoen? Julle wéét dat ’n man soos ek vooruit moet kan sê wat later sal gebeur.”

16Juda het vir hom geantwoord: “Wat kan ons vir Meneer sê? Wat kan ons praat en hoe kan ons bewys dat ons onskuldig is? God het gewys dat ons skuldig is. Hier is ons nou, ons is Meneer se slawe, ons en ook die een by wie die beker was.”

17Josef sê toe: “Ek sal dit nooit doen nie. Die man by wie die beker was, hý moet my slaaf word. Julle ander mag teruggaan na julle pa toe.”

Juda probeer om Benjamin te red

18Juda het nader gekom na Josef toe en hy het vir hom gesê: “Asseblief, Meneer, mag ek alleen met Meneer praat? Moenie kwaad word vir my nie, want jy is soos die farao.

19Toe ons die eerste maal hier was, het Meneer vir ons gevra of ons ’n pa en nog ’n broer het.

20En ons het vir Meneer gesê ons het ’n pa wat al oud is en ons het nog ’n broer. Hy is die jongste. Hy is gebore toe ons pa al oud was en hy het ’n ander ma as ons. Haar ander seun is dood, en ons jongste broer het alleen oorgebly. Sy pa is baie lief vir hom.

21Meneer het toe vir ons gesê ons moet hom na Meneer toe bring, want Meneer wil hom sien.

22Ons het vir Meneer gesê die seun kan nie weggaan van sy pa nie. As hy weggaan, dan sal sy pa sterf.

23Maar Meneer het vir ons gesê as ons nie ons jongste broer saambring nie, dan mag ons nie weer vir Meneer sien nie.

24Ons het toe by ons pa gekom en ons het vir hom gesê wat Meneer gesê het.

© Bible Society of South Africa.

25“Eendag het ons pa vir ons gesê ons moet weer gaan kos koop,

26en toe het ons gesê ons kan nie gaan as ons jongste broer nie saam met ons gaan nie. As ons gaan en ons jongste broer is nie by ons nie, dan mag ons jou nie sien nie.

27Ons pa het vir ons gesê: ‘Julle weet dat ek net twee kinders by hierdie vrou gehad het.

28Die een kind het weggegaan van my, en ek dink ’n wilde dier het hom opgevreet. Ek het hom nog nie weer gesien nie, tot vandag toe nie.

29Ek is ’n ou man. As julle ook hierdie seun wegvat van my, en daar gebeur iets met hom, dan sal ek, ’n ou man, sterf van hartseer.’

30As ek nou by my pa kom en die seun vir wie hy so lief is, is nie by ons nie, wat sal gebeur?

31My pa sal sterf as hy sien die seun is nie daar nie. Dan sal dit ons skuld wees as ons pa wat al ’n ou man is, sterf van hartseer.

32Ek het vir my pa belowe dat ek die seun goed sal oppas. Ek het gesê as hy nie terugkom na my pa toe nie, dan sal dit vir altyd my skuld wees.

33Meneer moet my asseblief hier in die seun se plek laat bly. Ek sal Meneer se slaaf wees, maar Meneer moet die seun saam met sy ander broers laat teruggaan.

34Ek kan nie na my pa toe gaan as die seun nie by my is nie. Ek wil nie sien hoe ongelukkig my pa dan sal wees nie.”

Genesis 45

Josef sê vir sy broers wie hy is

1Josef kon nie meer vir die mense wegsteek hoe hy voel nie. Hy het gesê al die ander mense moet weggaan van hom. Net sy broers het by hom gebly. Toe het hy vir sy broers gesê wie hy is.

2Hy het so hard gehuil dat die Egiptenaars en die mense in die farao se huis dit gehoor het.

3Josef het vir sy broers gesê: “Ek is Josef. Lewe Pa nog?” Sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle was te bang vir hom.

4Toe sê Josef vir sy broers: “Kom asseblief nader na my toe.” Hulle het nader gekom, en hy het vir hulle gesê: “Ek is julle broer Josef, julle het my verkoop, en die mense wat my gekoop het, het my na Egipte gebring.

5Julle moenie sleg voel en vir julleself kwaad wees omdat julle my verkoop het nie. God het my gestuur om voor julle hiernatoe te kom sodat ek mense se lewens kan red.

© Bible Society of South Africa.

6Dit is nou die tweede jaar dat daar hongersnood in die land is. Dit sal nog vyf jaar
lank so droog wees dat die mense nie sal kan ploeg en plant nie.

7God het my vóór julle gestuur om julle te help sodat daar van julle mense in die land
kan aanhou lewe en sodat ek baie mense kan red.

8Dit was nie júlle wat my hiernatoe laat kom het nie, dit was Gód. Hy het my gekies
om vir die farao te sê wat hy moet doen. Ek is ook die hoof van die farao se hele huis,
en die hoof oor die hele Egipte.

9"Gaan nou dadelik na Pa toe en sê vir hom sy seun Josef sê: 'God het my die hoof
oor die hele Egipte gemaak. Pa moet na my toe kom, moenie wag nie.

10Pa kan in Gosen woon en naby my wees, jy en jou kinders en jou kleinkinders en
jou skape en bokke en beeste, alles wat aan Pa behoort.

11Dan kan ek vir Pa hier sorg, want daar sal nog vyf jaar lank min kos wees. As Pa na
my toe kom, dan sal Pa nie arm word nie, jy en jou seuns en almal by jou.'

12"Julle kan sien dit is ek, en Benjamin kan ook sien dit is ek, Josef, wat met julle
praat.

13Gaan vertel vir Pa ek is 'n belangrike man in Egipte. Vertel vir hom van alles wat
julle hier sien, en maak gou, bring Pa na my toe."

14Toe sit Josef sy arms om sy broer Benjamin se nek en hy huil. Benjamin het ook vir
Josef omhels en gehuil.

15Josef het al sy broers gesoen en hy het by hulle gestaan en huil. Daarna het sy
broers met hom gepraat.

16Die mense in die farao se huis het hiervan gehoor en gesê: "Josef se broers het
hiernatoe gekom." Die farao en sy amptenare was bly daaroor.

17Die farao het vir Josef gesê: "Sê vir jou broers hulle moet in Egipte kom woon.
Hulle moet hulle goed op hulle donkies laai. Hulle moet kos saamneem en eers
teruggaan na Kanaän.

18Hulle moet hulle pa en hulle families gaan haal en dan na my toe kom. Ek sal vir
hulle die beste plek in Egipte gee, en hulle sal hier lekker kan lewe.

19Jou broers moet waens uit Egipte saamneem vir hulle kinders en vroue. Hulle pa
moet ook daarop ry en hiernatoe kom.

20Hulle moenie hartseer wees oor hulle goed wat daar sal agterbly nie, want hier sal
hulle die beste kry wat hier in Egipte is."

21Die seuns van Jakob het toe gedoen wat die farao gesê het. Josef het vir hulle
waens gegee soos die farao gesê het, en ook padkos.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Hy het vir elkeen nuwe klere gegee, maar vir Benjamin het hy 300 stukke silwer en vyf maal meer klere gegee.

23Josef het tien donkies vir sy pa gestuur waarop hulle die beste goed van Egipte gelaai het, en ook tien donkie-merries met koring en brood en kos. Dit was padkos vir sy pa.

24Josef het sy broers teruggestuur na Kanaän en hy het vir hulle gesê: “Moenie vir mekaar kwaad word en stry op die pad nie.”

25Hulle het weggegaan uit Egipte en hulle het in Kanaän aangekom by hulle pa Jakob.

26Hulle het vir hom vertel dat Josef nog lewe en dat hy die hoof is oor die hele Egipte. Jakob het groot geskrik en hy was baie ontsteld. Hy het hulle nie geglo nie.

27Jakob se seuns het vir hulle pa alles vertel wat Josef gesê het. Toe Jakob die waens sien wat Josef vir hom gestuur het om op te ry, het hy opgewonde geword

28en gesê: “Ek is tevrede. My seun Josef lewe nog. Ek wil gaan en ek wil hom sien voordat ek sterf.”

Genesis 46

God praat weer met Jakob

1Jakob het weggegaan uit Kanaän saam met al sy mense. Hy het by die stad Berseba gekom en hy het offers gebring vir die God van sy pa Isak.

2Jakob het in die nag gedroom dat God hom roep en sê: “Jakob!” En Jakob het geantwoord: “Hier is ek!”

3Toe sê God: “Ek is God, die God van jou pa Isak. Gaan na die land Egipte en moenie bang wees nie. Ek sal jou nageslag in Egipte baie maak. Hulle sal ’n groot volk word.

4Ek sal saam met jou gaan na Egipte en Ek sal jou ook later weer laat terugkom hiernatoe. Wanneer jy sterf, sal Josef jou oë toemaak.”

5Jakob het toe weggegaan uit Berseba. Sy seuns het hulle pa en hulle kinders en hulle vroue op die waens laat ry wat die farao vir hulle gestuur het.

6Hulle het hulle diere saamgeneem en al die goed wat hulle in Kanaän bymekaargemaak het. Jakob en sy hele nageslag saam met hom het na Egipte gegaan en hulle het daar aangekom.

7Jakob het sy hele familie saamgeneem na Egipte: sy seuns, sy kleinseuns, sy dogters en sy kleindogters.

Die nageslag van Jakob wat na Egipte gegaan het

8Hier is die name van die Israeliete, Jakob se seuns, wat na Egipte gegaan het: Jakob se oudste seun was Ruben.

© Bible Society of South Africa.

9 Ruben se seuns was Ganok, Pallu, Gesron en Karmi.

10 Simeon se seuns was Jemuel, Jamin, Ohad, Jakin, Sogar en Saul. Saul se ma was ’n vrou van die land Kanaän.

11 Levi se seuns was Gerson, Kehat en Merari.

12 Juda se seuns was Er, Onan, Selag, Peres en Serag. Er en Onan het in Kanaän gesterf. Peres se seuns was Gesron en Gamul.

13 Issaskar se seuns was Tola, Puwwa, Jasub en Simron.

14 Sebulon se seuns was Sered, Elon en Jagleël.

15 Dit was die seuns van Lea wat sy vir Jakob in Paddan-Aram gekry het. Sy het ook ’n dogter gehad, haar naam was Dina. Hulle almal saam was 33 mense.

16 Gad se seuns was Sifjon, Gaggai, Suni, Esbon, Eri, Arod en Areli.

17 Aser se seuns was Jimna, Jiswa, Jiswi en Beria. Hulle suster se naam was Serag. Beria se seuns was Geber en Malkiël.

18 Dit was die seuns van Silpa, die slavin wat Laban vir sy dogter Lea gegee het. Hulle almal saam was 16 mense.

19 Jakob se vrou Ragel het twee seuns gehad. Hulle was Josef en Benjamin.

20 Josef het getrou met Asenat. Sy was die dogter van Poti-Fera, die priester van die stad On. Sy het in Egipte twee seuns gekry vir Josef. Hulle was Manasse en Efraim.

21 Benjamin se seuns was Bela, Beker, Asbel, Gera, Naäman, Egi, Ros, Muppim, Guppim en Ard.

22 Dit was die seuns wat Ragel vir Jakob gekry het. Hulle almal saam was 14 mense.

23 Dan het een seun gehad. Sy naam was Gussim.

24 Naftali se seuns was Jagseël, Guni, Jeser en Sillem.

25 Dit was die seuns van Bilha, die slavin wat Laban vir sy dogter Ragel gegee het. Hulle was almal saam sewe mense.

26 Die kinders en kleinkinders van Jakob wat saam na Egipte gegaan het, was almal saam 66. Die vroue van Jakob se seuns het ook saamgegaan, maar hulle het nie getel hoeveel vroue daar was nie.

27 Josef het ook nog twee seuns gehad wat in Egipte gebore is. Daar was 70 mense in Jakob se familie wat na Egipte gegaan het.

Jakob sien weer vir Josef

28 Jakob het vir Juda gestuur om voor hom na Josef toe te gaan om vir hom te sê dat hulle na die land Gosen kom. Hulle het in Gosen aangekom,

© Bible Society of South Africa.

29en Josef het gesê sy slawe moet sy oorlogkar bring. Hy het daarop gery om sy pa Jakob te gaan ontmoet. Toe hy sy pa sien, het hy sy arms om hom gesit en hy het lank by sy pa gestaan en huil.

30Toe sê Jakob vir Josef: “Nou is ek tevrede, nou kan ek sterf. Ek het jou weer gesien, ek het gesien jy lewe nog.”

31Josef het vir sy broers en vir sy hele familie gesê: “Ek sal nou vir die farao vertel dat my broers en my familie van Kanaän gekom het en dat hulle hier aangekom het.

32Ek sal vir hom sê julle is veeboere, julle boer met beeste, skape en bokke, en julle het alles saamgebring wat julle het.

33Wanneer die farao julle roep en vir julle vra watter werk julle doen,

34dan moet julle sê: ‘Ons is nog altyd veeboere, vandat ons klein was. Ons oupas en pa’s was ook veeboere.’ Julle moet sê julle is veeboere, dan sal die farao sê julle mag in Gosen woon. Die Egiptenaars hou niks van veeboere nie en hulle wil nie naby veeboere woon nie.”

Genesis 47

Jakob en sy familie gaan woon in die land Gosen

1Josef het na die farao toe gegaan en vir hom gesê: “My pa en my broers het van Kanaän gekom en hulle is nou in Gosen. Hulle het hulle diere en alles wat hulle het, saamgebring.”

2Josef het vyf van sy broers saamgeneem na die farao toe.

3Die farao het vir hulle gevra: “Watter soort werk doen julle?” Hulle het geantwoord: “Ons is veeboere, ons en ons voorvaders voor ons.”

4Hulle het ook vir die farao gesê: “Mag ons vreemdelinge word in jou land? Want in Kanaän is daar nie meer gras vir ons skape en bokke nie. Daar is baie min kos. Mag ons asseblief in Gosen woon?”

5Die farao het vir Josef gesê: “Jou pa en jou broers het na jou toe gekom.

6Hulle mag enige plek in Egipte woon. Kies die beste deel van die land vir jou pa en jou broers. Hulle mag in Gosen woon. As hulle goeie skaapwagters is, dan moet jy vir hulle sê om my skape ook op te pas.”

7Josef het sy pa gebring om die farao te ontmoet. Jakob het die farao gegroet en gesê hy hoop dit sal goed gaan met die farao.

8Die farao vra toe vir Jakob: “Hoe oud is jy?”

© Bible Society of South Africa.

9Jakob het vir die farao gesê: “Ek is 130 jaar oud. Die Here het gesê dit is hoeveel jaar
ek hier op die aarde mag woon. My voorvaders het ouer geword, maar ek het baie
swaar gekry.”

10Jakob het toe vir die farao gegroet en hy het weggegaan.

11Josef het vir sy pa en sy broers die beste deel van Egipte gegee om in te woon, soos
die farao gesê het. Dit was by die stad Rameses en dit het hulle eie grond geword.

12Josef het vir sy pa en sy broers en hulle kinders, vir sy hele familie, kos gegee.

Josef koop al die grond in Egipte vir die farao

13Daar was baie min kos in die hele land, die hongersnood was baie swaar. Al die
mense in Egipte en Kanaän het honger gely.

14Josef het koring aan die mense van Egipte en Kanaän verkoop, en hy het al die geld
gekry wat die mense gehad het. Hy het die geld na die farao se huis geneem.

15Toe daar nie meer geld oor was in Egipte en Kanaän nie, het die mense van Egipte
na Josef toe gekom en vir hom gesê: “Gee asseblief vir ons kos. Ons het nie meer
geld nie. As Meneer nie vir ons kos gee nie, dan sal ons hier by jou sterf.”

16Josef het gesê: “As julle geld op is, bring julle diere vir my, dan kan ons ruil. Gee vir
my julle diere, dan sal ek vir julle kos gee.”

17Hulle het toe hulle diere vir Josef gebring en Josef het vir hulle kos gegee. Hy het
dit geruil vir hulle perde, skape, bokke, beeste en donkies. Hy het daardie jaar vir
hulle kos gegee. Hy het dit geruil vir hulle diere.

18Die volgende jaar het hulle weer na Josef toe gekom en vir hom gesê: “Meneer, jy
weet dat al ons geld op is en dat al ons diere nou aan Meneer behoort. Ons het niks
oor om vir Meneer te gee nie. Ons het net ons lewe en ons grond, dit is al wat ons
het.

19Hoekom moet ons hier by Meneer sterf? Hier is ons en ons grond. Vat ons en ons
grond en gee vir ons kos. Ons sal die farao se slawe wees, en ons grond sal aan hom
behoort. Gee vir ons kos sodat ons kan lewe, want as ons dood is, dan sal niemand
op ons grond kan werk en saai nie.”

20Josef het al die grond in Egipte vir die farao gekoop. Almal in Egipte moes hulle
grond verkoop omdat hulle nie kos gehad het om te eet nie. So het dit gebeur dat die
hele land die farao se grond geword het.

21Al die mense in die hele land het die farao se slawe geword, en hy het hulle in
stede laat woon.

22Josef het al die grond gekoop, maar nie die grond van die priesters nie, want die
farao het altyd vir die priesters betaal en vir hulle kos gegee. Daarom het die
priesters nie hulle grond verkoop nie.

© Bible Society of South Africa.

23Josef het vir die volk gesê: “Ek het julle en julle grond nou vir die farao gekoop. Hier is saad vir julle. Saai dit in die grond.

24Maar wanneer julle die koring afsny, dan moet julle een vyfde daarvan vir die farao gee. Vier vyfdes van die koring-oes mag julle hou. Dit is julle saad om te saai sodat julle kos kan hê om te eet, julle en julle kinders en al die mense in julle huise.”

25Hulle sê toe vir Josef: “Jy het ons lewe gered. Jy was goed vir ons, en ons sal die farao se slawe wees.”

26Josef het ’n nuwe wet in Egipte gemaak wat tot vandag toe daar is. Een vyfde van alles wat die mense afsny, behoort aan die farao. Maar die priesters se grond het nie die farao se grond geword nie.

Josef belowe hy sal vir Jakob in Kanaän begrawe

27Jakob en sy familie het in Egipte in die land Gosen gewoon. Hulle was vrugbaar, hulle het baie geword. Hulle het ’n groot en sterk volk geword.

28Jakob het 17 jaar lank in Egipte gewoon. Toe hy 147 jaar oud was,

29het hy gevoel sy dood kom nader. Jakob het sy seun Josef geroep en vir hom gesê: “Sal jy my asseblief help en iets vir my doen. As jy lief is vir my, sit dan jou hand onder my heup en belowe dat jy sal doen wat ek vra. Jy moet my asseblief nie in Egipte begrawe nie.

30Wanneer ek sterf, dan moet jy my liggaam uit Egipte neem en jy moet dit gaan begrawe by my voorvaders in ons familiegraf.” Josef het gesê: “Ek sal doen wat Pa gevra het.”

31Toe sê Jakob: “Belowe dit.” Josef het vir Jakob belowe dat hy dit sal doen. Toe het Jakob op sy bed gekniel en hy het vir God dankie gesê.

Genesis 48

Jakob seën Josef se twee seuns

1Kort daarna het Josef gehoor dat sy pa siek is. Josef gaan toe na Jakob toe en hy neem sy twee seuns Manasse en Efraim saam met hom.

2Hy het iemand gestuur om vir Jakob te sê: “Jou seun Josef het na jou toe gekom.” Jakob het dadelik beter gevoel en hy het regop gesit op die bed.

3Jakob het vir Josef gesê: “God die Almagtige het aan my verskyn by Lus in Kanaän, en Hy het my geseën.

4Hy het vir my gesê: ‘Ek sal jou vrugbaar maak, en jy sal baie kinders hê. Jou nageslag sal baie volke wees en Ek sal hierdie land vir hulle gee. Dit sal altyd hulle land wees.’

© Bible Society of South Africa.

5“Jy het twee seuns wat in Egipte gebore is voordat ek hier na jou toe gekom het. Hulle is Efraim en Manasse. Hulle is vir my soos my eie twee seuns, Ruben en Simeon.

6Hierdie twee seuns van jou sal elkeen saam met my seuns ’n stuk grond in Kanaän kry. Maar as jy nog seuns kry ná hulle, dan sal hulle van Efraim en Manasse se grond kry.

7Toe ek van Paddan-Aram gekom het, het jou ma Ragel in Kanaän langs die pad gesterf. Dit was nie ver van Efrata nie. Ek het haar daar langs die pad begrawe naby Efrata, dit is Betlehem.”

8Toe Jakob Josef se seuns sien, vra hy: “Wie is hulle?”

9Josef het vir sy pa geantwoord: “Dit is my seuns wat God vir my in hierdie land gegee het.” Jakob het toe gesê: “Bring hulle na my toe sodat ek hulle kan seën.”

10Jakob se oë was al baie swak omdat hy so oud was. Hy kon nie goed sien nie. Josef het sy seuns nader gebring na Jakob toe, en Jakob het hulle gesoen en sy arms om hulle gesit.

11Jakob sê toe vir Josef: “Ek het gedink dat ek jou nie weer sal sien nie. Maar God was baie goed vir my, en ek het ook jou nageslag gesien.”

12Josef het sy twee seuns van Jakob se skoot afgetel, en hy het laag op die grond gebuig.

13Josef laat toe sy twee seuns voor Jakob staan. Hy neem vir Efraim met sy regter-hand sodat hy links langs Jakob staan, en hy neem vir Manasse met sy linker-hand sodat hy regs langs Jakob staan. Hy bring hulle toe nader na Jakob toe.

14Maar Jakob het sy arms gekruis. Hy het sy regter-hand op Efraim se kop gesit. Efraim het links langs Jakob gestaan, want hy was die jongste. En Jakob het sy linker-hand op Manasse se kop gesit. Manasse het regs langs Jakob gestaan, want hy was die oudste.

15Jakob het Josef se nageslag geseën en gesê: “My oupa Abraham en my pa Isak het God gedien en hulle was gehoorsaam aan Hom. God was ook my Herder my hele lewe lank, tot vandag toe.

16Hy was die Engel wat my verlos het uit al die gevaar waarin ek was. Hy is die God wat die seuns sal seën, sodat my naam, en ook die naam van my voorvaders Abraham en Isak, sal aanhou lewe. God sal hulle seën sodat hulle ’n groot volk sal word in hierdie land.”

17Toe Josef sien dat sy pa sy regter-hand op Efraim se kop sit, het hy gedink dit is verkeerd. Hy neem toe sy pa se regter-hand en probeer om dit op Manasse se kop te sit.

© Bible Society of South Africa.

18Josef het vir sy pa gesê: “Nee, Pa. Manasse is die oudste, sit jou regter-hand op sý kop.”

19Maar sy pa het geweier, hy het gesê: “Ek weet, my seun. Manasse sal ook ’n groot nageslag hê en hulle sal ’n groot volk word. Maar sy jonger broer sal ’n groter nageslag as hy hê. Efraim se nageslag sal ’n groot, sterk volk word.”

20Jakob het Josef se twee seuns daardie dag geseën en gesê: “Dit sal baie goed gaan met julle. Wanneer die mense van Israel vir mekaar wil sê hulle hoop dit sal goed gaan, dan sal hulle julle name gebruik en sê: ‘Ek bid dat God dit met jou so goed sal laat gaan soos met Efraim en Manasse.’ ” So het Jakob vir Efraim belangriker gemaak as vir Manasse.

21Jakob het vir Josef gesê: “Ek sal nou sterf, maar God sal by julle wees en Hy sal julle terugbring na die land van julle voorvaders.

22Ek gee nou vir jou meer as vir jou broers. Ek gee Sigem vir jou. Ek het daardie stad self gevat van die Amoriete met my swaard en my pyl en boog.”

Genesis 49

Jakob seën sy seuns

1Jakob het sy seuns geroep en gesê: “Kom hier na my toe sodat ek vir julle kan vertel wat later met julle nageslag sal gebeur.

2Kom hier en luister, seuns van Jakob. Kom luister na julle pa Jakob.

3“Ruben, jy was my eerste kind. Jy is gebore toe ek jonk en sterk was, jy is my beste en belangrikste seun.

4Maar jy sal nie die belangrikste bly nie, want jy het ’n verkeerde ding gedoen. Jy was soos water wat oor die walle stroom. Jy het seks gehad met jou pa se vrou, jy het my bed onrein gemaak.

5“Simeon en Levi is broers wat dieselfde is. Hulle is lief om te baklei.

6Hulle kom bymekaar en maak planne, maar ek wil nie daar saam met hulle wees nie, want hulle het mense doodgemaak toe hulle kwaad was. Hulle het wrede dinge gedoen aan diere en hulle het die diere se hakskene afgesny omdat hulle lus was om dit te doen.

7Ek vervloek hulle omdat hulle so baie kwaad geword het. Hulle sal nie bymekaar kan bly nie, hulle sal woon tussen die ander mense, oral in die land Israel.

8“Juda, jou broers sal jou prys. Jy sal jou vyande oorwin en jy sal regeer oor jou broers.

9My seun Juda, jy is soos ’n jong leeu wat opstaan nadat hy ’n bok gevang het. Jy gaan lê soos ’n leeu wat gaan slaap, en almal is bang om jou te pla.

© Bible Society of South Africa.

10Daar sal altyd ’n koning in jou nageslag wees. Hy sal regeer totdat Silo kom. Baie volke sal gehoorsaam wees aan hom.

11Hy sal die beste wingerdstokke hê en hy sal sy donkie daaraan vasmaak. Hy sal so baie wyn hê dat hy sy klere daarin kan was.

12Sy oë sal meer blink as wyn, sy tande sal witter wees as melk.

13“Sebulon sal naby die see woon, by die strand waar die bote is. Hy sal grond hê tot by die stad Sidon.

14“Issaskar is soos ’n sterk donkie wat tussen die saalsakke lê.

15Hy sal ’n goeie rusplek en ’n mooi land sien. Hy sal tevrede wees om hard te werk daarvoor, ja, hy sal soos ’n slaaf werk.

16“My seun Dan sal seker maak dat mense reg doen aan sy volk, want hulle is ook een van die stamme van Israel.

17Dan is soos ’n slang langs die pad. Hy is soos ’n horingslang wat die perd se hakskeen byt, sodat die man wat op die perd ry, agteroor val.

18“Here, Ek wag dat U my help.

19“’n Klomp rowers sal vir Gad aanval, maar hy sal hulle wegjaag, hy sal van agter kom en hy sal hulle aanval.

20“Aser sal goeie kos eet. Hy sal kos eet wat konings altyd eet.

21“Naftali is soos ’n takbok wat vry rondloop. Hy sal ’n mooi nageslag hê.

22“Josef is soos ’n jong vrugteboom by ’n fontein. Sy takke groei oor die muur.

23Baie mense sal hom aanval en hulle sal hom met pyl en boog skiet. Hulle sal hom laat swaarkry,

24maar hy sal hulle oorwin. Sy boog en sy arms is sterk, want die sterk God van Jakob help hom. Die God wat die Rots van Israel is, is sy Herder.

25Josef, die God van jou pa sal jou help, die Almagtige God sal jou seën. Hy sal jou seën met reën uit die hemel en met water uit die grond. Hy sal die ma’s seën sodat hulle baie kinders kan kry en melk sal hê vir die kinders.

26My seun, ek seën jou meer as my ander kinders. Die seën sal aanhou so lank soos die berge en heuwels daar is. Met Josef sal dit goed gaan, want hy sal die leier van sy broers wees.

27“Benjamin is soos ’n wolf wat ander diere doodmaak. In die oggend en in die aand eet hy die diere wat hy gevang het en hy gee dit vir sy kleintjies.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Dit is die twaalf stamme van Israel, en dit is wat hulle pa vir hulle gesê het. Hy het hulle geseën, en hy het vir elke stam sy eie seën gegee.

Jakob se dood en begrafnis

29Jakob het vir sy seuns gesê: “Wanneer ek sterf, dan moet julle my gaan begrawe by my voorvaders in die grot op die grond wat aan Efron die Hetiet behoort het.

30Die grot en grond van Makpela is naby Mamre in Kanaän. Dit is die grond wat Abraham van Efron, die Hetiet, gekoop het om daar ’n graf te hê.

31Abraham se familie het hom en sy vrou Sara daar begrawe, en ook vir Isak en sy vrou Rebekka, en vir Lea.

32Abraham het die grond en die grot daarop van die Hetiete gekoop.”

33Toe Jakob klaar met sy seuns gepraat het, het hy weer gaan lê en hy het gesterf.

Genesis 50

1Nadat Jakob gesterf het, het Josef oor hom gehuil. Hy het oor sy pa se lyk gebuk en hom gesoen.

2Josef het vir die dokters gesê hulle moet sy pa se lyk balsem. Die dokters het Jakob se lyk gebalsem.

3Hulle het 40 dae gewerk om iemand te balsem. Ná die 40 dae het die hele Egipte 70 dae lank oor Jakob gerou.

4Toe die routyd verby was, het Josef vir die mense in die farao se paleis gesê: “Help my asseblief. Gaan praat met die farao en sê vir hom

5ek het vir my pa belowe dat wanneer hy dood is, dan sal ek hom gaan begrawe in sy graf wat hy in Kanaän gereedgemaak het. Ek wil nou asseblief my pa gaan begrawe. Daarna sal ek terugkom.”

6Die farao het vir Josef gesê: “Gaan begrawe jou pa soos jy vir hom belowe het.”

7Josef het na Kanaän gegaan om sy pa te begrawe. Al die amptenare van die farao het saam met hom gegaan, die raadgewers in sy paleis en die leiers van Egipte.

8Josef se hele familie en sy broers en sy pa se familie het ook saamgegaan. Net die kinders en die skape en bokke en beeste het in Gosen agtergebly.

9Daar het ook baie oorlogkarre en soldate op perde saamgegaan.

10Naby die Jordaan-rivier het hulle by die dorsvloer van Atad gekom. Hulle het daar sewe dae lank oor hulle pa gehuil en getreur.

11Toe die mense van Kanaän sien hoe Josef-hulle treur, het hulle gesê die Egiptenaars treur en rou baie. Daarom het hulle die plek Abel-Misrajim genoem. Die plek was oos van die Jordaan-rivier.

© Bible Society of South Africa.

12Jakob se seuns het gedoen wat hy vir hulle gevra het, hulle het hulle pa begrawe.

13Sy seuns het sy lyk na Kanaän geneem en hulle het hom begrawe in die grot op die Makpela-grond. Dit is die grond wat Abraham van Efron die Hetiet gekoop het sodat hy ’n graf kon hê. Dit was naby Mamre.

14Nadat Josef sy pa begrawe het, het hy teruggegaan na Egipte, hy en sy broers en almal wat saam met hom gegaan het om sy pa te begrawe.

Die broers is bang vir Josef

15Nadat Jakob gesterf het, het Josef se broers bekommerd geword en hulle het vir mekaar gesê: “Nou sal Josef dink aan die slegte dinge wat ons aan hom gedoen het, en hy sal ons terugbetaal. Hy sal ook aan óns slegte dinge doen. Hy sal ons vyand word.”

16Hulle stuur toe ’n boodskap vir Josef en sê vir hom: “Pa het voor sy dood gesê

17ons moet jou vra om ons te vergewe. Ons het ’n baie verkeerde ding gedoen teen jou. Ons het groot sonde gedoen. Daarom, Josef, vergewe asseblief die verkeerde ding wat ons gedoen het. Ons is ook dienaars van jou pa se God.” Josef het gehuil toe hulle dit vir hom sê.

18Sy broers kom toe self en buig voor Josef en hulle sê: “Hier is ons. Ons is jou slawe.”

19Maar Josef het vir hulle gesê: “Moenie bang wees nie, ek is nie God nie.

20Julle het slegte planne gemaak teen my, maar God het dit verander en Hy het dit ’n goeie plan gemaak. Hy het julle plan gebruik om baie mense se lewens te red, tot vandag toe.

21Julle moenie nou bang wees nie. Ek sal vir julle en julle kinders sorg.” Josef was baie vriendelik met sy broers en hy het mooi met hulle gepraat. Toe was hulle nie meer bang nie.

Josef sterf

22Josef het in Egipte gebly, hy en sy pa se familie. Hy het 110 jaar oud geword.

23Josef het lank gelewe en hy het Efraim se kinders en kleinkinders gesien. Hy het ook die kinders van Makir, Manasse se seun, aangeneem. Hulle was soos sy eie kinders.

24Later het Josef vir sy broers gesê: “Ek sal nou sterf, maar God sal aan julle dink, Hy sal julle uit hierdie land laat wegtrek na die land wat Hy vir Abraham, Isak en Jakob belowe het.”

25Josef het gesê sy familie moet belowe dat hulle sy liggaam sal saamneem wanneer hulle uit Egipte terugtrek na Kanaän.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[26]Josef het 110 jaar oud geword en toe het hy gesterf. Hulle het sy lyk gebalsem en hulle het dit daar in Egipte in ’n kis gesit.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Eksodus

Eksodus 1

Die volk Israel word slawe in Egipte

1 Hier is die name van Jakob se seuns wat saam met hom na Egipte gekom het. Elke
seun se huisgesin het saam met hom gekom:

2 Ruben, Simeon, Levi en Juda,

3 Issaskar, Sebulon en Benjamin,

4 Dan, Naftali, Gad en Aser.

5 Jakob het 70 afstammelinge gehad. Josef was al klaar in Egipte toe hulle daar
gekom het.

6 Later het Josef en al sy broers wat van Kanaän gekom het, gesterf.

7 Die Israeliete was vrugbaar, hulle het baie geword. Hulle het ’n baie groot volk
geword, die land het vol Israeliete geword.

8 Maar toe het ’n nuwe koning oor Egipte begin regeer. Hy het nie vir Josef geken nie.

9 Hy het vir die mense van Egipte gesê: “Die Israeliete is nou meer en sterker as ons.

10 Wanneer ons vyande oorlog maak teen ons, dan sal die Israeliete miskien saam
met hulle veg teen ons en hulle sal ons land vat. Kom ons maak ’n plan, sodat hulle
nie nog meer kan word nie.”

11 Die farao het die Israeliete toe soos slawe laat werk en hy het mense aangestel
om te kyk dat hulle hard werk. Die Israeliete moes vir die farao twee stede bou:
Pitom en Rameses. Die farao het kos en ander goed in hierdie stede gebêre.

12 Die Egiptenaars het die Israeliete verdruk, maar dit het nie gehelp nie. Die
Israeliete het nog baie meer geword. Die Egiptenaars het die Israeliete gehaat

13 en hulle nog harder laat werk.

14 Hulle het die Israeliete baie swaar laat kry en hard laat werk. Die Israeliete moes
stene maak van klei en hulle moes in die grond werk. Die Egiptenaars het hulle soos
slawe laat werk. Hulle was nie jammer vir die Israeliete nie.

15 Die koning van Egipte het ook met die Hebreeuse vroedvroue gepraat. Die een
vroedvrou se naam was Sifra, en die ander vroedvrou se naam was Pua.

16 Die koning het vir hulle gesê: “Wanneer julle die Hebreeuse vroue help wat
kinders kry, en julle sien dit is ’n seun, dan moet julle hom doodmaak. Maar wanneer
dit ’n dogter is, dan mag sy lewe.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Die vroedvroue was bang dat God hulle sal straf, en hulle het nie gedoen wat die koning van Egipte vir hulle gesê het nie. Hulle het die seuns laat lewe.

18Die koning van Egipte roep toe die vroedvroue en vra vir hulle: “Hoekom doen julle nie wat ek gesê het nie? Hoekom maak julle nie die seuns dood nie?”

19Die vroedvroue het vir die farao gesê: “Die Hebreeuse vroue is nie soos die Egiptiese vroue nie. Die Hebreeuse vroue is sterk. Wanneer die vroedvrou by hulle kom, dan is die kind al klaar gebore.”

20-21God was goed vir die twee vroedvroue. God het vir hulle kinders gegee omdat hulle gehoorsaam was aan Hom. Die Israeliete het baie geword, hulle het ’n sterk volk geword.

22Daarom het die farao vir al sy mense gesê: “Julle moet elke Hebreeuse seuntjie wat gebore word, in die Nyl-rivier gooi. Maar moenie die dogtertjies doodmaak nie.”

Eksodus 2

Moses word gebore en die farao se dogter neem hom aan

1Daar was ’n man in Levi se familie. Hy het getrou met ’n vrou in dieselfde familie.

2Die vrou het swanger geword en sy het ’n seun gekry. Sy het gesien haar seuntjie is baie mooi en sy het hom drie maande lank weggesteek.

3Toe hy groter word, kon sy hom nie meer wegsteek nie. Sy het vir hom ’n kissie gemaak van biesies en sy het klei en teer aan die kissie gesmeer sodat daar nie water kon inkom nie. Sy het haar kind in die kissie gesit en sy het die kissie op die Nyl-rivier gaan sit, tussen die riete.

4Die kind se suster het daar naby gaan staan om te kyk wat met hom gebeur.

5Die farao se dogter het na die rivier gegaan om haar te was. Daar was meisies by haar, en hulle het op die rivier se wal geloop. Toe die farao se dogter die kissie tussen die riete sien, het sy haar slavin gestuur om dit te gaan haal.

6Sy het die kissie oopgemaak en sy het die kind gesien. Die seuntjie het gehuil, en sy was jammer vir hom. Sy het gesê: “Hy is een van die Hebreërs se kinders.”

7Die kind se suster vra toe vir die farao se dogter: “Moet ek vir jou een van die Hebreeuse vroue gaan roep wat ’n kind het wat aan haar drink? Dan kan sy hierdie kind laat drink.”

8Die farao se dogter sê toe vir haar: “Ja, gaan!” En die meisie het gegaan en sy het die kind se ma gaan roep.

9Die farao se dogter het vir die ma gesê: “Neem hierdie kind en maak hom groot. Ek sal jou daarvoor betaal.” Die vrou het toe die kind geneem en sy het hom laat drink.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Toe die kind groot was, het sy ma hom na die farao se dogter toe gebring. Die farao se dogter het hom aangeneem, en hy het haar seun geword. Sy het hom Moses genoem. Sy het gesê: “Ek het hom uit die water gehaal.”

Moses vlug uit Egipte

11Toe Moses groot was, het hy eendag na sy eie mense toe gegaan en gesien hoe swaar hulle moes werk. Hy het gesien dat ’n Egiptiese man ’n Hebreeuse man slaan, een van sy eie mense.

12Hy het rondgekyk en gesien daar is niemand wat hom sien nie. Toe slaan hy die Egiptenaar dood en hy steek die lyk weg in die sand.

13Die volgende dag het Moses weer na sy mense toe gegaan. Hy het gesien dat twee Hebreeuse mans baklei. Hy vra toe vir die man wat begin baklei het: “Hoekom slaan jy die man? Hy is ook ’n Hebreër.”

14Die man sê toe: “Wie het gesê jy mag oor ons regeer? Wie het gesê jy kan vir ons sê wat ons moet doen? Wil jy my ook doodmaak soos jy die Egiptenaar doodgemaak het?” Moses het bang geword. Hy het besef dat hulle weet wat hy gedoen het.

15Toe die farao hoor wat Moses gedoen het, wou hy vir Moses laat doodmaak, maar Moses het gevlug en hy het in Midian gaan woon. Toe hy eendag daar by ’n put sit,

16kom daar sewe meisies aan. Hulle was die dogters van die priester van Midian. Hulle het water uit die put kom skep om die waterbakke vol te maak sodat hulle pa se skape en bokke kon drink.

17Maar daar het skaapwagters gekom en hulle het die meisies weggejaag. Moses het toe opgestaan en hy het die meisies gehelp. Hy het vir hulle skape en bokke water gegee.

18Toe die meisies by hulle pa Reüel kom, vra hy vir hulle: “Hoekom het julle vandag so gou teruggekom?”

19Hulle het vir hom gesê: “’n Egiptenaar het ons gehelp toe die skaapwagters ons wou wegjaag. Hy het ook water geskep en hy het ons skape en bokke laat drink.”

20Reüel het vir sy dogters gevra: “Waar is die man? Hoekom het julle hom nie saamgebring nie? Roep hom om by ons te kom eet.”

21Reüel het vir Moses gevra om by hulle te kom woon, en Moses het dit gedoen. Reüel het sy dogter Sippora vir Moses gegee, en Moses het met haar getrou.

22Sippora het ’n kind gekry, en Moses het hom Gersom genoem. Hy het gesê: “Ek is ’n vreemdeling in hierdie land.”

Die Here verskyn aan Moses

© Bible Society of South Africa.

23Later het die koning van Egipte gesterf. Die Israeliete het nog altyd baie swaar gekry en hulle het soos slawe gewerk. Hulle het gebid en vir God gevra om hulle te help.

24God het gehoor die Israeliete kla en Hy het gedink aan die verbond wat Hy met Abraham, Isak en Jakob gemaak het.

25God was jammer vir die Israeliete.

Eksodus 3

1Moses het sy skoonpa Jetro se skape en bokke opgepas. Sy skoonpa was die priester van Midian. Eendag het Moses die skape en bokke diep in die woestyn in geneem. Hy het by Sinai-berg gekom, die berg van God.

2Daar was ’n vuur in ’n doringbos. Die Engel van die Here was in die vuur en Hy het aan Moses verskyn. Moses het gesien die doringbos brand en dit hou nie op om te brand nie.

3Moses het gedink: Hier gebeur iets wat ek nog nooit gesien het nie. Ek wil nader gaan en gaan kyk hoekom die bos aanhou brand.

4Toe die Here sien Moses kom nader om te kyk, het Hy uit die doringbos vir Moses geroep: “Moses! Moses!” En Moses het gesê: “Hier is ek!”

5Die Here sê toe: “Moenie nader kom nie. Trek jou sandale uit, want die plek waar jy staan, is gewyde grond.

6Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob.” Moses het sy gesig toegemaak, want hy was bang om na God te kyk.

7Toe sê die Here: “Ek het gesien my volk kry baie swaar in Egipte. Ek het gehoor hulle roep en vra dat Ek hulle moet help teen die mense wat hulle soos slawe laat werk. Ek is baie jammer vir hulle.

8Ek wil hulle gaan help teen die Egiptenaars. Ek wil hulle uit hierdie land laat uitgaan na ’n goeie en groot land, ’n land waar daar baie melk en heuning is. Dit is die land waar die Kanaäniete nou woon, en ook die Hetiete, die Amoriete, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete.

9Ek het gehoor hoe die Israeliete bid en vir My vra om hulle te help. Ek het gesien dat die Egiptenaars slegte dinge aan hulle doen.

10Ek wil jou na die farao toe stuur om my volk, die Israeliete, uit Egipte te bring.”

11Moses het vir God gesê: “Ek is nie ’n belangrike man nie. Ek kan nie na die farao toe gaan en die Israeliete uit Egipte bring nie.”

© Bible Society of South Africa.

12Maar God het gesê: “Ek sal by jou wees en Ek sal vir jou ’n teken gee om te bewys
dat Ek jou gestuur het: Wanneer jy die volk uit Egipte gebring het, dan sal julle My op
hierdie berg kom dien.”

13Toe sê Moses vir God: “Ek sal by die Israeliete kom en ek sal vir hulle sê: ‘Die God
van julle voorvaders het my na julle toe gestuur.’ Maar hulle sal vir my vra: ‘Wat is sy
Naam?’ Wat moet ek dan vir hulle sê?”

14Toe sê God vir Moses: “My Naam is: ‘Ek is wat Ek is.’ Jy moet vir die Israeliete sê:
‘Ek Is’ het my na julle toe gestuur.”

15God het ook vir Moses gesê: “Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Die Here het my na julle
toe gestuur. Hy is die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob.’ My
Naam sal altyd ‘die Here’ wees. Hulle moet My altyd so noem, ook die mense wat
later gebore sal word.

16Gaan maak die leiers van Israel bymekaar en sê vir hulle die Here, die God van
hulle voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob, het aan jou verskyn en gesê:
‘Ek weet van julle, Ek sien wat die Egiptenaars aan julle doen.

17Ek het besluit Ek wil julle wegvat uit Egipte. Julle kry daar baie swaar. Ek wil julle
laat gaan na die land van die Kanaäniete en die Hetiete en die Amoriete en die
Feresiete en die Hewiete en die Jebusiete, dit is ’n land waar daar baie melk en
heuning is.

18Die leiers sal na jou luister, en dan moet jy en die leiers van die Israeliete na die
koning van Egipte toe gaan en vir hom sê: “Die Here, die God van die Hebreërs, het
met ons gepraat. Laat ons asseblief in die woestyn ingaan, so ver soos ’n mens in drie
dae kan loop. Ons wil daar vir ons God die Here offers bring.”

19Ek weet die koning van Egipte sal julle nie laat gaan nie. Hy sal dit ook nie doen as
Ek hom straf nie.

20Dan sal Ek hom nog swaarder straf en Ek sal wonderwerke doen wat die
Egiptenaars baie swaar sal laat kry. Daarna sal die koning julle laat gaan.

21Ek sal dan die Egiptenaars vriendelik maak teenoor julle, sodat julle iets sal hê om
saam te neem wanneer julle weggaan.

22Elke Israelitiese vrou moet silwergoed, goue goed en klere vra vir haar Egiptiese
buurvrou of vir die mense wat by haar woon. Julle moet dit vir julle seuns en dogters
gee om te dra. So moet julle die Egiptenaars se goed wegdra.’ ”

Eksodus 4

Die Here gee vir Moses tekens wat hy vir die mense moet wys

© Bible Society of South Africa.

[1]Moses het vir die Here gesê: “Miskien sal die Israeliete my nie glo nie en nie na my luister nie. Hulle sal sê: ‘Die Here het nie aan jou verskyn nie.’ ”

[2]Toe sê die Here vir hom: “Wat is in jou hand?” En Moses sê: “’n Kierie.”

[3]Die Here sê toe vir hom: “Gooi dit op die grond.” Moses het die kierie op die grond gegooi, en die kierie het in ’n slang verander. Moses het weggespring van die slang.

[4]Toe sê die Here vir Moses: “Gryp die slang aan sy stert.” Moses het die slang gegryp, en toe het die slang in sy hand weer in ’n kierie verander.

[5]Die Here het vir Moses gesê: “Jy moet dit weer doen as jy by die Israeliete kom, sodat hulle kan glo dat die Here aan jou verskyn het. Ek is die God van hulle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob.”

[6]Die Here het ook vir hom gesê: “Sit jou hand voor in jou klere.” Moses het dit gedoen, en toe hy sy hand uittrek, was sy hand melaats, so wit soos sneeu.

[7]Die Here sê toe vir hom: “Sit weer jou hand voor in jou klere.” Moses het dit gedoen, en toe hy sy hand uit sy klere haal, was dit gesond, soos sy hele liggaam.

[8]Toe sê die Here: “As hulle jou nie glo ná die eerste teken nie, dan sal hulle glo nadat hulle hierdie tweede teken gesien het.

[9]As hulle ná hierdie twee tekens nog nie glo nie en nie na jou luister nie, dan moet jy van die water van die Nyl-rivier neem en jy moet dit op die grond uitgooi. Die water wat jy op die grond gooi, sal in bloed verander.”

Aäron moet Moses help praat

[10]Maar Moses het vir die Here gesê: “Asseblief, Here, ek kan nie goed praat nie. Ek kon nog nooit goed praat nie. Ek kan ook nie beter praat nadat U met my gepraat het nie. Ek praat swaar, my tong sukkel om te praat.”

[11]Die Here het vir hom gesê: “Wie het vir die mens ’n mond gegee? Wie maak ’n mens stom of doof? Wie laat hom sien of nie sien nie? Dit is Ek, die Here.

[12]Gaan nou, Ek sal jou help om te praat. Ek sal vir jou leer wat om te sê.”

[13]Maar Moses het gesê: “Asseblief, Here, stuur iemand anders.”

[14]Die Here het toe kwaad geword vir Moses en Hy het gesê: “Die Leviet Aäron is jou broer. Ek weet hy kan goed praat. Hy kom na jou toe, en hy sal bly wees om jou weer te sien.

[15]Praat met hom en sê vir hom wat hy moet sê. Ek sal vir jou en vir hom help om te praat en Ek sal vir julle sê wat om te doen.

[16]Aäron sal vir die volk sê wat jy vir hulle wil sê. Hy sal praat, en jy moet vir hom sê wat hy moet sê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Jy moet die tekens met hierdie kierie doen. Neem dit saam.”

Moses gaan terug na Egipte

18Moses het na sy skoonpa Jetro toe gegaan en hy het vir Jetro gesê: “Ek wil asseblief teruggaan na my mense toe in Egipte, ek wil sien of hulle nog lewe.” Jetro het vir Moses gesê: “Jy mag gaan.”

19Die Here het vir Moses in Midian gesê: “Gaan terug na Egipte, want die mense wat jou wou doodmaak, is klaar dood.”

20Moses het sy vrou en sy seuns geneem en hy het hulle op ’n donkie laat ry. Hulle het teruggegaan na Egipte. Moses het die kierie saamgeneem waarmee hy die tekens van God moes doen.

21Die Here het vir Moses gesê: “Wanneer jy teruggaan na Egipte, dan moet jy voor die farao al die tekens doen wat Ek vir jou geleer het. Maar Ek sal die farao hardkoppig maak, en hy sal julle nie laat gaan nie.

22Dan moet jy vir die farao sê: ‘Die Here sê: Israel is vir My soos ’n oudste seun,

23en Ek sê vir jou jy moet my seun laat gaan sodat hy My kan dien. As jy hom nie laat gaan nie, dan sal Ek jou oudste seun doodmaak.’ ”

Sippora besny Moses se seun

24Toe Moses-hulle een nag by ’n plek langs die pad geslaap het, het die Here daarnatoe gekom. Hy wou vir Moses doodmaak.

25Moses se vrou Sippora neem toe ’n klipmes en sy sny haar seun se voorhuid af en sy raak daarmee aan Moses se voete. Sy het vir Moses gesê: “Jy is my man. Hierdie bloed sal jou beskerm.”

26Toe sy dit sê, het die Here vir Moses gelos en Hy het Moses nie doodgemaak nie. Sippora het gedink aan die besnydenis toe sy dit gesê het.

Moses en Aäron kom by die leiers van die Israeliete

27Die Here het vir Aäron gesê: “Gaan ontmoet vir Moses in die woestyn.” Aäron het gegaan en hy het Moses by die berg van God gekry en hom gesoen.

28Moses het vir Aäron alles vertel wat die Here vir hom gesê het om te doen. Hy het vir hom ook vertel van al die tekens wat hy moes doen.

29Moses en Aäron het al die leiers van die Israeliete bymekaar laat kom.

30Aäron het vir hulle alles vertel wat die Here vir Moses gesê het, en Moses het die tekens voor hulle gedoen.

31Die leiers het dit geglo. Hulle het gehoor dat die Here gedink het aan die Israeliete en dat Hy jammer is vir hulle. Toe het hulle gekniel en gebid.

Eksodus 5

© Bible Society of South Africa.

Moses praat met die farao – die volk moet harder werk

1Moses en Aäron het na die farao toe gegaan en hulle het vir hom gesê: “Die Here, die God van Israel, sê: ‘Jy moet my volk laat gaan sodat hulle vir My ’n fees kan vier in die woestyn.’ ”

2Maar die farao het gesê: “Wie is die Here en hoekom moet ek na Hom luister? Hoekom moet ek die Israeliete laat gaan? Ek ken nie die Here nie en ek sal ook nie die Israeliete laat gaan nie.”

3Moses en Aäron sê toe: “Die God van die Hebreërs het aan ons verskyn. Laat ons asseblief in die woestyn ingaan, so ver soos ’n mens in drie dae kan loop. Ons moet vir ons God die Here offers gaan bring, anders sal Hy ons straf, Hy sal siektes en oorlog stuur.”

4Maar die koning van Egipte het vir Moses en Aäron gesê: “Hoekom neem julle die mense weg van hulle werk? Hulle moet gaan werk.

5Hier is baie Israeliete in die land. Julle moet hulle nie laat ophou werk nie!”

6Die farao het daardie dag vir die mense wat die slawe oppas, en vir die voormanne gesê:

7“Julle moenie vir die volk strooi gee om bakstene te maak soos voorheen nie. Hulle moet self strooi gaan optel,

8en julle moet vir hulle sê hulle moet soveel stene maak soos voorheen. Hulle mag nie minder stene maak nie. Hulle is lui, dit is hoekom hulle aanhou sê hulle wil vir hulle God offers gaan bring.

9Julle moet die werk swaar maak vir die manne, sodat hulle kan werk en nie tyd het om te luister na leuens nie.”

10Die slawe-oppassers en die voormanne het toe vir die Israeliete gaan sê: “Die farao het gesê hy sal nie meer vir julle strooi gee nie.

11Julle moet self strooi gaan soek, maar julle werk word nie minder nie.”

12Die Israeliete het oral in Egipte strooi gaan soek.

13Die slawe-oppassers het gesê hulle moet vinnig werk. Hulle het gesê: “Julle moet elke dag soveel stene maak soos toe ons vir julle die strooi gegee het.”

14Die slawe-oppassers het die voormanne van die Israeliete geslaan en gesê: “Hoekom het julle nie vandag soveel stene gemaak soos voorheen nie?”

15Die voormanne van die Israeliete het toe by die farao gaan kla en gesê: “Hoekom doen jy dit met jou werkers?

16Jy gee nie vir ons strooi nie, maar die slawe-oppassers sê vir ons: ‘Maak stene!’ Hulle slaan ons, maar dit is jóú mense wat verkeerd is.”

© Bible Society of South Africa.

17Maar die farao het gesê: “Julle is lui. Julle wil nie werk nie. Dit is hoekom julle
aanhou sê julle wil vir die Here offers gaan bring.

18Nou sê ek: Gaan werk! Hulle sal nie vir julle strooi gee nie, maar julle moet soveel
stene maak soos toe ek vir julle strooi gegee het.”

19Die voormanne van die Israeliete het gesien hulle het ’n groot probleem, want
hulle kon nie soveel stene maak soos voorheen nie.

Moses se mense is kwaad vir hom

20Toe die voormanne van die Israeliete weggaan van die farao, kry hulle vir Moses
en Aäron wat vir hulle gewag het.

21Die voormanne het vir hulle gesê: “Ons bid dat die Here julle moet straf, want julle
het ons naam sleg gemaak by die farao en by sy amptenare. Julle het hulle kwaad
gemaak, en nou wil hulle ons doodmaak.”

22Moses het na die Here toe gegaan en gesê: “Here, hoekom laat U dit so sleg gaan
met hierdie volk? Hoekom het U my gestuur?

23Vandat ek by die farao gekom het om vir hom te sê wat U sê, gaan dit slegter met
hierdie volk, maar U help hulle nie.”

Die Here dink aan sy volk

24Die Here het vir Moses gesê: “Nou sal jy sien wat Ek met die farao sal doen. Ek sal
hom dwing om die Israeliete te laat gaan. Ja, ek sal hom dwing, en hy sal julle
wegjaag uit sy land.”

Eksodus 6

1God het met Moses gepraat en vir hom gesê: “Ek is die Here.

2Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn en Ek het vir hulle gesê Ek is
God die Almagtige. Ek het nie vir hulle gesê my Naam is ‘die Here’ nie.

3Ek het ’n verbond gemaak met hulle en Ek het belowe om die land Kanaän vir hulle
te gee, die land waar hulle vreemdelinge was.

4Ek het ook gehoor hoe die Israeliete kla omdat die Egiptenaars hulle soos slawe laat
werk. En toe het Ek gedink aan my verbond met hulle.

5Daarom moet jy vir die Israeliete sê dat Ek sê: ‘Ek is die Here, en Ek sal julle help.
Julle sal nie meer die Egiptenaars se slawe wees en so hard werk nie. Ek sal die
Egiptenaars swaar straf, en vir julle sal Ek vrymaak.

6Ek sal julle vir My neem. Julle sal my volk wees, en Ek sal vir julle ’n God wees. Dan
sal julle weet dat Ek, die Here, julle God is wat julle vrygemaak het van die swaar
werk in Egipte.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Ek het vir Abraham, Isak en Jakob belowe dat Ek vir hulle ’n land sal gee. Ek sal julle
na daardie land neem en Ek sal dit vir julle gee. Dit sal julle land wees. Ek is die
Here.’ ”

8Moses het dit alles vir die Israeliete gaan sê, maar hulle het nie na Moses geluister
nie, want hulle was moedeloos oor die swaar werk wat hulle moes doen.

9Die Here het met Moses gepraat en gesê:

10“Gaan praat met die farao, die koning van Egipte. Sê vir hom hy moet die Israeliete
laat gaan uit sy land.”

11Maar Moses het vir die Here gesê: “Die Israeliete luister nie na my nie, die farao sal
ook nie na my luister nie. Ek praat baie moeilik.”

12Maar die Here het met Moses en Aäron gepraat en Hy het hulle na die Israeliete
toe gestuur, en na die farao toe, die koning van Egipte. Die Here het vir Moses en
Aäron gesê hulle moet die Israeliete uit Egipte bring.

Die name van die families

13Hier is die name van die leiers van die families. Jakob se oudste seun was Ruben.
Ruben se seuns was Ganok, Pallu, Gesron en Karmi. Dit was die Ruben-familie.

14Simeon se seuns was Jemuel, Jamin, Ohad, Jakin en Saul. Saul was die seun van ’n
Kanaänitiese vrou. Dit was die Simeon-familie.

15Die name van Levi se seuns was Gerson, Kehat en Merari. Levi het 137 jaar oud
geword.

16Gerson se seuns was Libni en Simi.

17Kehat se seuns was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël. Kehat het 133 jaar oud
geword.

18Merari se seuns was Magli en Musi. Dit was Levi se nageslag.

19Amram het getrou met Jogebed, sy tante, en hulle het twee seuns gehad: Aäron en
Moses. Amram het 137 jaar oud geword.

20Jishar se seuns was Korag, Nefeg en Sikri.

21Ussiël se seuns was Misael, Elsafan en Sitri.

22Aäron het getrou met Eliseba. Sy was Amminadab se dogter en Nagson se suster.
Aäron en Eliseba het vier seuns gehad: Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar.

23Korag se seuns was Assir, Elkana en Abinadab. Dit was Korag se nageslag.

24Aäron se seun Eleasar het getrou met ’n dogter van Putiël, en hulle het ’n seun
gehad. Sy naam was Pinehas. Dit was die familiehoofde van die Leviete.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Hulle was Aäron en Moses se familie. Die Here het vir Aäron en Moses geroep en gesê hulle moet al die stamme van Israel uit Egipte bring.

26Hulle het met die farao, die koning van Egipte, gaan praat. Hulle het vir hom gevra om die Israeliete uit Egipte te laat gaan.

Aäron moet vir Moses help

27Toe die Here in Egipte met Moses gepraat het,

28het Hy vir Moses gesê: “Ek is die Here. Sê vir die farao, die koning van Egipte, wat Ek alles vir jou gesê het.”

29Maar Moses het vir die Here gesê: “Ek praat moeilik. Die farao sal nie na my luister nie.”

Eksodus 7

1Die Here het vir Moses gesê: “Jou broer Aäron moet alles sê wat jy vir hom sê, soos ’n profeet sê wat God vir hom sê.

2Jy moet vir jou broer Aäron alles sê wat Ek vir jou sê, en hy moet met die farao praat en vir hom sê hy moet die Israeliete laat gaan uit sy land.

3Maar Ek sal die farao hardkoppig maak sodat Ek eers baie wonderwerke en tekens in Egipte kan doen.

4Die farao sal nie na julle luister nie. Dan sal Ek die Egiptenaars swaar straf en Ek sal my volk, die Israeliete, uit Egipte bring.

5Die Egiptenaars sal weet Ek is die Here. Hulle sal dit weet wanneer Ek hulle straf en wanneer Ek die Israeliete uit Egipte bring.”

6Moses en Aäron het alles gedoen wat die Here vir hulle gesê het.

7Moses was 80 jaar oud en Aäron was 83 jaar oud toe hulle met die farao gaan praat het.

8Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

9“Wanneer die farao vir julle sê julle moet ’n teken wys, dan moet jy vir Aäron sê: ‘Neem jou kierie en gooi dit op die grond voor die farao. Die kierie sal in ’n slang verander.’ ”

10Toe Moses en Aäron by die farao kom, het hulle gedoen wat die Here vir hulle gesê het. Aäron het sy kierie voor die farao en voor sy amptenare op die grond gegooi, en dit het in ’n slang verander.

11Die farao roep toe die slim manne en towenaars van Egipte, en hulle het dieselfde gedoen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Elkeen het sy kierie op die grond gegooi, en die kieries het in slange verander. Maar Aäron se kierie het hulle kieries ingesluk.

13Die farao het hardkoppig gebly en hy het nie na Moses en Aäron geluister nie. Dit was soos die Here gesê het.

Water word bloed

14Die Here het vir Moses gesê: “Die farao is baie hardkoppig. Hy wil nie die Israeliete laat gaan nie.

15Die farao sal môre-oggend na die rivier gaan. Wag vir hom op die rivier se wal. Neem die kierie wat in ’n slang verander het, in jou hand

16en sê vir die farao: ‘Die Here, die God van die Hebreërs, het my na jou toe gestuur om te sê jy moet sy volk laat gaan sodat hulle Hom in die woestyn kan dien. Maar jy het nog nie geluister nie.

17Nou sê die Here Hy sal iets doen sodat jy kan weet Hy is die Here. Ek sal met hierdie kierie wat in my hand is, op die water in die Nyl-rivier slaan, en die water sal in bloed verander.

18Die visse in die Nyl-rivier sal vrek, en die rivier sal stink. Die Egiptenaars sal nie die rivier se water kan drink nie.’ ”

19Die Here het ook vir Moses gesê: “Sê vir Aäron: ‘Vat jou kierie en steek jou hand uit oor die Egiptenaars se water, oor al die plekke waar daar water is. Die water sal in bloed verander. Al die water in Egipte sal bloed wees, ook die water in die houtbakke en die water in die klipbakke.’ ”

20Moses en Aäron het gedoen wat die Here gesê het. Aäron het sy kierie opgelig waar die farao en sy amptenare dit kon sien. Hy het op die water in die Nyl-rivier geslaan, en al die water in die rivier het in bloed verander.

21Die visse in die Nyl-rivier het gevrek en die rivier het gestink. Die Egiptenaars kon nie die Nyl-rivier se water drink nie. Al die water in Egipte was bloed.

22Maar die towenaars van Egipte het dieselfde gedoen, en die farao het hardkoppig gebly. Hy het nie na Moses en Aäron geluister nie. Dit het gebeur soos die Here gesê het.

23Die farao het omgedraai en hy het na sy huis gegaan. Hy het nog nie geluister nie.

24Al die Egiptenaars het langs die rivier gate gegrawe om water te kry om te drink, want hulle kon nie die Nyl-rivier se water drink nie.

25Nadat die Here die Nyl-rivier se water in bloed verander het, was daar sewe dae lank nie water nie.

Eksodus 8

© Bible Society of South Africa.

Paddas

1Die Here het vir Moses gesê hy moet na die farao toe gaan en vir hom sê: “Die Here
sê jy moet sy volk laat gaan sodat hulle Hom kan dien.

2As jy hulle nie laat gaan nie, dan sal Hy jou hele land straf en Hy sal die land vol
paddas maak.

3Die paddas sal baie word in die Nyl-rivier en hulle sal uit die water spring. Hulle sal
in jou huis ingaan, in jou slaapkamer en op jou bed. Hulle sal ook in jou amptenare
se huise ingaan, tussen die mense, in julle oonde en in julle skottels.

4Die paddas sal opspring teen jou en teen die mense en teen al jou amptenare.”

5Die Here het vir Moses gesê hy moet vir Aäron sê: “Hou jou kierie oor al die plekke
waar daar water is, sodat daar oral in Egipte paddas kan kom.”

6Aäron het sy hand oor die water van Egipte gehou. Baie paddas het toe uit die
water gekom, so baie dat ’n mens nie die grond in Egipte kon sien nie.

7Maar die towenaars het dieselfde gedoen, hulle het ook baie paddas oor Egipte laat
kom.

8Die farao roep toe vir Moses en Aäron en hy sê: “Julle moet bid en vir die Here vra
Hy moet die paddas wegvat van my en my mense. Dan sal ek die Israeliete laat gaan,
sodat hulle vir die Here offers kan bring.”

9Moses het vir die farao gesê: “Sê jy vir my wanneer ek vir die Here moet vra om die
paddas weg te vat van jou en jou amptenare en jou mense, uit almal se huise uit.
Dan sal net die paddas in die Nyl-rivier oorbly.”

10Die farao het gesê: “Môre.” Toe sê Moses: “Dit sal gebeur soos jy sê, sodat jy kan
weet daar is nie nóg ’n god soos ons God, die Here, nie.

11Die paddas sal weggaan van jou en van jou huise en van jou amptenare en van jou
mense. Net die paddas in die Nyl-rivier sal oorbly.”

12Moses en Aäron het van die farao af weggegaan. Moses het gebid en vir die Here
gevra dat Hy die paddas moet wegvat wat Hy gestuur het om die farao te straf.

13Die Here het gedoen wat Moses gevra het. Al die paddas het gevrek, die paddas in
die huise, die paddas buite die huise en die paddas in die veld.

14Die mense het die paddas bymekaargemaak en alles opmekaar gegooi. Die land
het gestink.

15Maar toe die farao sien die paddas is weg, het hy weer hardkoppig geword. Hy het
nie na Moses en Aäron geluister nie. Dit het gebeur soos die Here gesê het.

Muggies

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Die Here het vir Moses gesê hy moet vir Aäron sê: “Slaan met jou kierie op die grond. Die stof sal dan in muggies verander, en Egipte sal vol muggies wees.”

17Moses en Aäron het dit gedoen. Aäron het met sy kierie op die grond geslaan. Die stof het in muggies verander en hulle het oral op die mense en die diere gaan sit. Al die stof in die hele Egipte het in muggies verander.

18Die towenaars het probeer om dieselfde te doen. Hulle wou ook die stof in muggies verander, maar hulle kon nie. Die muggies was op al die mense en al die diere.

19Die towenaars sê toe vir die farao: “Dit is God wat die muggies gestuur het!” Maar die farao was hardkoppig, hy het nie na hulle geluister nie. Dit het gebeur soos die Here gesê het.

Steekvlieë

20Die Here het vir Moses gesê: “Gaan môre-oggend vroeg en wag vir die farao wanneer hy na die rivier kom. Sê vir hom die Here sê hy moet die Israeliete laat gaan sodat hulle Hom kan dien.

21As hy nie die Israeliete laat gaan nie, dan sal Ek steekvlieë stuur. Die steekvlieë sal op die farao, op sy amptenare, op sy mense en in hulle huise wees. Die huise van die Egiptenaars sal vol steekvlieë wees, ook die hele land.

22Maar dieselfde sal nie gebeur in die land Gosen waar my volk woon nie. Daar sal nie steekvlieë wees nie. Dan sal die farao weet dat Ek die Here is in hierdie land.

23Ek sal my volk beskerm, maar Ek sal nie die Egiptenaars beskerm nie. Dit sal môre gebeur en dit sal bewys dat Ek die Here is.”

24Die Here het dit toe gedoen. Daar het baie groot swerms steekvlieë gekom na die farao se huis, na sy amptenare se huise en na die hele Egipte. Al die mense in die land het baie swaar gekry omdat daar so baie steekvlieë was.

25Die farao het vir Moses en Aäron geroep en gesê: “Julle mag vir julle God offers gaan bring, maar julle moet dit in hierdie land doen.”

26Moses het gesê: “Nee, dit sal nie reg wees om in hierdie land offers te bring nie, want die Egiptenaars haat dit wanneer ons vir die Here offers bring. Wanneer hulle sien ons bring offers, dan sal hulle ons met klippe doodgooi.

27Ons wil in die woestyn ingaan, so ver soos ’n mens in drie dae kan loop, en ons wil daar vir ons God die Here offers bring, soos Hy vir ons gesê het.”

28Toe sê die farao: “Ek sal julle laat gaan sodat julle vir julle God die Here in die woestyn offers kan bring. Maar julle mag nie baie ver gaan nie en julle moet vir my bid.”

© Bible Society of South Africa.

29Moses het gesê: “Ek gaan nou weg van jou en ek sal bid en vir die Here vra dat die steekvlieë môre moet weggaan van jou, weg van jou amptenare en van jou volk. Maar jy moenie weer anders besluit en sê ons mag nie gaan om vir die Here offers te bring nie.”

30Moses het weggegaan van die farao en hy het tot die Here gebid soos die farao gevra het.

31Die Here het gedoen wat Moses gevra het. Hy het die steekvlieë weggevat van die farao, en ook van sy amptenare en van sy volk. Daar het nie een steekvlieg oorgebly nie.

32Maar die farao was weer hardkoppig. Hy het nie die Israeliete laat gaan nie.

Eksodus 9

Die Egiptenaars se diere vrek

1Die Here het vir Moses gesê: “Gaan na die farao toe en sê vir hom die Here, die God van die Hebreërs, sê hy moet die Israeliete laat gaan sodat hulle Hom kan dien.

2As hy die Israeliete nie laat gaan nie en as hy weer sê hulle moet hier bly,

3dan sal Ek hom swaar straf. Ek sal sy diere wat in die veld is, baie siek maak en laat vrek: die perde, die donkies, die kamele, die beeste, die skape en die bokke.

4Maar Ek sal nie dieselfde doen met die Israeliete se diere nie. Nie een van hulle diere sal vrek nie.”

5Die Here het besluit wanneer dit moet gebeur en Hy het gesê Hy sal dit die volgende dag doen.

6Die Here het dit die volgende dag laat gebeur. Al die Egiptenaars se diere het gevrek, maar nie een van die Israeliete se diere het gevrek nie.

7Die farao het mense gestuur om te gaan kyk. Hulle het gesien dat nie een van die Israeliete se diere gevrek het nie. Maar die farao het hardkoppig gebly. Hy het nie die Israeliete laat gaan nie.

Die mense en diere kry sere

8Die Here het vir Moses en Aäron gesê: “Julle moet as uit ’n oond neem. Moses moet dit dan op in die lug gooi terwyl die farao kyk.

9Die as sal fyn stof word en dit sal oor die hele Egipte waai. Dan sal daar op die mense en diere sere kom wat sal aanhou swel en oopgaan.”

10Moses en Aäron het toe as uit ’n oond geneem en hulle het voor die farao gaan staan. Moses het die as in die lug gegooi. Die as het op die mense en diere gewaai en hulle het sere gekry.

© Bible Society of South Africa.

11Die towenaars kon nie dieselfde doen wat Moses gedoen het nie, want hulle was ook vol sere. Daar was sere op die towenaars en op al die Egiptenaars.

12Maar die Here het die farao hardkoppig gemaak. Die farao het nie na Moses en Aäron geluister nie. Dit was soos die Here vir Moses gesê het.

Hael

13Die Here het vir Moses gesê hy moet die volgende oggend vroeg na die farao toe gaan en vir hom sê dat die Here, die God van die

Hebreërs, sê: “Jy moet my volk, die Israeliete, laat gaan sodat hulle My kan dien.

14As jy nie die Israeliete laat gaan nie, dan sal Ek nou jou en jou amptenare en jou volk nog baie swaarder straf. Dan sal jy weet daar is niemand op die hele aarde wat soos Ek is nie.

15Ek kan jou en jou volk nou so siek maak dat julle almal sal sterf.

16Maar Ek laat jou nog lewe. Ek doen dit sodat jy kan sien hoe sterk Ek is, en sodat almal op die aarde my Naam kan eer.

17Jy dink jy regeer oor my volk en jy wil hulle nie laat gaan nie.

18Ek sal môre baie hael stuur. Dit het nog nooit in Egipte so baie gehael nie, van die begin af tot vandag toe.

19Jy moet nou jou bokke en jou ander diere na ’n veilige plek neem, ook al jou goed wat buite in die veld is. Die hael sal val op al die mense en diere in die veld, op almal wat nie onder ’n dak is nie. Die hael sal hulle doodslaan.”

20Die farao se amptenare wat geluister het na wat die Here gesê het, het hulle slawe en diere na die huise en die stalle gebring.

21Maar ander amptenare het nie gedoen wat die Here gesê het nie. Hulle het hulle slawe en hulle diere buite laat bly.

22Die Here sê toe vir Moses: “Steek jou hand op in die lug, dan sal daar hael val oor die hele Egipte, oor al die mense en diere, oor al die plante in Egipte.”

23Moses het sy kierie opgesteek in die lug. Die Here het donderweer en hael gestuur, en die weerlig het op die aarde geslaan. Die Here het baie hael laat val op Egipte.

24Dit het baie gehael, en die weerlig het na al die kante toe geslaan. Daar was nog nooit so baie weerlig en hael in die hele Egipte nie, vandat daar mense woon.

25Die hael het alles in Egipte plat geslaan, alles wat in die veld was, ook al die mense en diere. Die hael het al die plante in die veld plat geslaan, en dit het al die bome in die veld stukkend geslaan.

26Maar in die land Gosen waar die Israeliete gewoon het, het dit nie gehael nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Die farao het vir Moses en Aäron laat roep en hy het vir hulle gesê: “Ek besef nou ek het ’n fout gemaak. Die Here was reg, en ek en my volk is verkeerd.

28Julle moet tot die Here bid. Die vreeslike donderweer en die hael laat ons baie swaar kry. Julle mag nou weggaan. Ek sal julle nie langer hier hou nie.”

29Moses het vir die farao gesê: “Wanneer ek uit die stad gaan, dan sal ek my hande uitsteek na die Here toe en ek sal bid. Die donderweer sal ophou en daar sal nie meer hael wees nie. Dan sal jy weet dat die aarde aan die Here behoort.

30Maar ek weet jy en jou amptenare is nog nie bang vir die Here God nie.”

31Daar was nie meer vlas en gars oor ná die hael nie. Die gars was amper ryp, en die vlas het al klaar knoppe gemaak.

32Maar daar was nog koring en spelt, want dit word later ryp.

33Moses het weggegaan van die farao. Hy het uit die stad gegaan en hy het sy hande na die Here toe opgesteek en gebid. Die donderweer en die hael het opgehou, en die reën het nie meer op die aarde geval nie.

34Toe die farao sien dat die reën en die hael en die donderweer opgehou het, het hy weer verkeerd gedoen. Hy het nie geluister nie, hy en sy amptenare saam met hom.

35Die farao was hardkoppig. Hy het nie die Israeliete laat gaan nie. Dit het gebeur soos die Here vir Moses gesê het.

Eksodus 10

Sprinkane

1Die Here het vir Moses gesê: “Gaan na die farao toe, want Ek het hom en sy amptenare hardkoppig gemaak sodat Ek hierdie tekens vir hulle kan wys.

2Dan kan julle vir julle kinders en julle kleinkinders vertel hoe Ek die Egiptenaars gestraf het en wat Ek aan hulle gedoen het. Julle sal weet Ek is die Here.”

3Moses en Aäron het na die farao toe gegaan en hulle het vir hom gesê die God van die Hebreërs sê vir hom: “Hoe lank nog gaan jy nie luister na My nie? Jy moet my volk laat gaan sodat hulle My kan dien.

4As jy hulle nie laat gaan nie, dan sal Ek môre sprinkane oor jou land bring.

5Die sprinkane sal die hele land toemaak, jy sal nie die grond kan sien nie. Die sprinkane sal alles opvreet wat oorgebly het nadat dit so baie gehael het. Hulle sal al die blare opvreet wat weer aan die bome gegroei het.

6Hulle sal oral in jou huise ingaan, ook in die huise van jou amptenare en in die huise van al die Egiptenaars. Julle het nog nooit so baie sprinkane gesien nie, nie julle of

© Bible Society of South Africa.

julle voorouers nie, vandat hulle hier begin woon het tot vandag toe.” Moses het omgedraai en hy het weggegaan van die farao.

7Die farao se amptenare het vir hom gesê: “Hoe lank nog gaan jy toelaat dat hierdie man vir ons probleme gee? Jy moet die mans laat gaan sodat hulle die Here, hulle God, kan dien. Jy het gesien dit gaan baie sleg hier in Egipte.”

8Die amptenare het vir Moses en Aäron teruggebring na die farao toe, en hy het vir Moses en Aäron gesê: “Gaan dien julle God die Here. Maar sê vir my wie sal almal saamgaan.”

9Moses het gesê: “Ons jongmanne en ou manne gaan almal. Ons kinders en ons skape en bokke en beeste gaan ook, want ons moet ’n fees vir die Here gaan vier.”

10Die farao het vir hulle gesê: “Ek sal julle vroue en kinders nie saam met julle laat gaan nie. Pasop! Julle maak verkeerde planne.

11Nee, net die mans mag die Here gaan dien. Dit is wat julle gevra het.” Toe het die farao vir Moses en Aäron weggejaag.

12Die Here het vir Moses gesê: “Steek jou hand uit oor Egipte sodat daar sprinkane oor die land kan kom. Hulle sal al die plante opvreet, alles wat oorgebly het nadat dit gehael het.”

13Moses het sy kierie oor Egipte uitgesteek. Daardie hele dag en die hele nag het die Here die oostewind laat waai. Dit het oggend geword, en die oostewind het die sprinkane gebring.

14Die sprinkane het oor die hele Egipte gekom en hulle het gaan sit oor die hele land. Daar was groot swerms sprinkane. Daar was nog nooit so baie sprinkane nie, nie voor daardie tyd nie en ook nie daarna nie.

15Daar was so baie sprinkane dat niemand die grond of die son kon sien nie. Die sprinkane het al die plante van die land opgevreet en ook al die vrugte wat oorgebly het nadat dit gehael het. Daar het in die hele Egipte nie ’n groen blaar oorgebly aan die bome en aan die plante in die veld nie.

16Die farao het haastig vir Moses en Aäron geroep en gesê: “Ek het verkeerd gedoen teen julle God die Here en teen julle.

17Vergewe asseblief my fout nog een maal en bid tot julle God die Here. Vra dat Hy hierdie sprinkane wat al die plante doodmaak, moet wegvat.”

18Moses het weggegaan van die farao en hy het tot die Here gebid.

19Die Here het die wind verander en ’n baie sterk westewind het begin waai. Die wind het die sprinkane in die Riet-see ingewaai. Daar het nie een sprinkaan oorgebly in die hele Egipte nie.

© Bible Society of South Africa.

20Maar die Here het die farao hardkoppig gemaak. Die farao het nie die Israeliete laat gaan nie.

Dit word donker in Egipte

21Die Here het vir Moses gesê: “Steek jou hand op in die lug. Dan sal dit donker word in Egipte, pikdonker, sodat jy moet voel waar jy loop.”

22Moses het sy hand opgesteek in die lug, en toe word dit baie donker in die hele Egipte, drie dae lank.

23Die Egiptenaars kon mekaar nie sien nie, en drie dae lank moes almal bly waar hulle is. Maar daar was lig in al die Israeliete se woonplekke.

24Die farao het vir Moses geroep en gesê: “Julle mag die Here gaan dien. Julle vroue en kinders mag saam met julle gaan. Maar julle skape en bokke en julle beeste moet hier bly.”

25Moses het gesê: “Jy moet self vir ons offers en brand-offers gee om vir ons God die Here te offer.

26En ons diere moet ook saam met ons gaan. Daar mag nie een dier hier bly nie. Ons weet nog nie watter diere ons vir die Here moet offer nie. Ons sal dit weet nadat ons daar aangekom het.”

27Die Here het die farao hardkoppig gemaak. Hy wou nie die Israeliete laat gaan nie.

28Die farao het vir Moses gesê: “Gaan weg van my. Ek wil jou nooit weer sien nie, want as ek jou weer sien, dan sal ek jou doodmaak.”

29Moses het gesê: “Dit is reg wat jy gesê het, jy sal my nooit weer sien nie.”

Eksodus 11

Die oudste seuns van die Egiptenaars sal sterf

1Die Here het vir Moses gesê: “Ek sal die farao en die Egiptenaars nog een maal straf. Daarna sal die farao julle uit Egipte laat gaan. Hy sal sê julle mag gaan, maar hy sal nog meer doen, hy sal julle wegjaag. Dit is seker.

2Sê vir die Israeliete elke man en elke vrou moet silwergoed en goue goed vra vir hulle Egiptiese bure.”

3Die Egiptenaars was baie vriendelik met die Israeliete. Die Here het hulle vriendelik gemaak. Al die Egiptenaars het gedink Moses is ’n baie belangrike man. Al die amptenare en al die mense het so gedink.

4Moses het vir die farao gesê: “Die Here sê: ‘Ek sal in die middel van die nag deur Egipte gaan.

© Bible Society of South Africa.

5Die oudste seun in elke familie in Egipte sal sterf. Die farao se oudste seun en ook die oudste seun van die slavin wat by die maalklip koring maal, almal sal sterf. “ ‘Ook al die bul-kalwers en die ram-lammers wat eerste gebore is, sal vrek.

6Die Egiptenaars sal baie huil. Hulle het nog nooit so baie gehuil nie, en hulle sal ook nooit weer so baie huil nie.

7Maar dit sal nie gebeur by die Israeliete nie. Nie ’n mens of ’n dier sal sterf nie. Dan sal julle weet dat Ek, die Here, nie met die Israeliete doen soos Ek met die Egiptenaars doen nie.’ ”

8Moses het ook vir die farao gesê: “Al jou amptenare sal na my toe kom en hulle sal voor my buig en sê ek moet weggaan, ek en al die mense wat saam met my wil gaan. Daarna sal ek weggaan.” Moses was baie kwaad. Hy was woedend en hy het weggegaan van die farao.

9Die Here het vir Moses gesê: “Die farao sal nie na julle luister nie, maar dan sal Ek nog meer wonderwerke in Egipte kan doen.”

10Moses en Aäron het al hierdie wonderwerke voor die farao gedoen, maar die Here het die farao hardkoppig gemaak. Hy het nie die Israeliete uit sy land laat gaan nie.

Eksodus 12

Die Paasfees

1Die Here het in Egipte vir Moses en Aäron gesê:

2“Hierdie maand is vir julle die belangrikste maand, dit moet van nou af die eerste maand van die jaar wees.

3Sê vir al die Israeliete: ‘Op die tiende dag van hierdie maand moet die hoof van elke huisgesin ’n skaap of ’n bok neem, een skaap of bok vir ’n huisgesin.

4As die huisgesin klein is en hulle kan nie ’n hele skaap of bok op-eet nie, dan moet die man en sy naaste buurman saam ’n skaap of ’n bok neem. Julle moet tel hoeveel mense in die huisgesin is, en daar moet genoeg vleis wees sodat almal kan eet.

5Die skaap of bok moet gesond wees. Daar moet niks verkeerd wees met hom nie, en dit moet ’n ram wees wat een jaar oud is. Julle mag ’n skaap of ’n bok neem.

6Julle moet hom oppas tot die 14de dag van die maand en dan moet julle hom slag wanneer dit aand word. Al die Israeliete moet dit doen.

7Julle moet die bloed van hierdie dier neem en julle moet dit aan die deur se raam smeer. Julle moet dit doen in elke huis waar julle die lam eet.

8Julle moet die vleis daardie aand braai en eet, en julle moet ongesuurde brood en bitter kruie eet.

© Bible Society of South Africa.

9Julle moenie die vleis rou eet of in water kook nie. Julle moet dit oor die vuur braai, die kop saam met die pootjies en die binnegoed.

10Julle moenie die vleis tot die volgende dag hou nie. As daar van die vleis oorbly tot die volgende dag, dan moet julle dit verbrand.

11“ ‘Julle moet gereedmaak sodat julle dadelik kan gaan. Elkeen moet sy klere aantrek en hy moet dit vasmaak met ’n belt. Julle moet julle skoene aantrek en julle kieries in die hand hou. Dan moet julle baie vinnig eet. Dit is die Here se Paasfees.

12“ ‘Ek sal vannag deur Egipte gaan en Ek sal die oudste seun van elke huisgesin in Egipte doodmaak, ook die eerste manlike kleintjies van al die diere, en Ek sal al die gode van Egipte straf. Ek is die Here!

13Die bloed aan die deure se rame sal ’n teken wees dat julle in daardie huise is. As Ek die bloed sien, dan sal Ek by julle huise verbygaan, en Ek sal julle nie straf wanneer Ek die Egiptenaars straf nie.

14Julle moet hierdie dag altyd onthou. Julle moet dan ’n fees vier om My te eer. Julle nageslag moet ook elke jaar hierdie fees vier.’ ”

Die Fees van die Ongesuurde Brood

15“ ‘Julle moet sewe dae lank ongesuurde brood eet. Op die eerste dag moet julle al die suurdeeg uit julle huise wegneem. As iemand van die eerste dag af tot die sewende dag suurdeeg eet, dan moet julle hom afsny van die volk.

16Die eerste en die sewende dag moet gewyde dae wees vir julle. Op hierdie dae mag niemand werk nie. Julle mag net kos maak, net die kos wat julle moet eet.

17Julle moet die Fees van die Ongesuurde Brood vier, want op hierdie dag het Ek julle uit Egipte gebring. Julle en julle nageslag moet hierdie fees elke jaar vier.

18Julle moet die fees in die eerste maand vier. Julle moet ongesuurde brood eet van die aand van die 14de dag tot die aand van die 21ste dag.

19Sewe dae lank mag daar nie suurdeeg in julle huise wees nie. As iemand brood of iets anders eet wat suurdeeg in het, dan moet julle hom afsny van die volk. Julle moet hom afsny as hy iemand is wat in die land gebore is, en ook as hy ’n vreemdeling is.

20Julle mag nie brood eet wat suurdeeg in het nie. Julle moet ongesuurde brood eet in al julle huise.’ ”

Die bloed aan die deure se rame

21Moses het al die leiers van die Israeliete geroep en hy het vir hulle gesê: “Elkeen moet vir sy huisgesin ’n skaap of ’n bok gaan vang en hy moet dit vir die Paasfees slag.

© Bible Society of South Africa.

22Dan moet julle elkeen ’n bossie hisop neem, dit in die bloed druk en die bloed
smeer aan sy deur se raam. Niemand mag uit sy huis gaan voor die volgende oggend
nie.

23Wanneer die Here verbykom om die Egiptenaars dood te maak, dan sal Hy die
bloed aan die deur se raam sien en dan sal Hy verbygaan. Hy sal nie die dood by julle
huise laat inkom om julle te laat sterf nie.

24Julle en julle nageslag moet altyd gehoorsaam wees en julle moet hierdie fees vier.

25Wanneer julle kom in die land wat die Here belowe het om vir julle te gee, dan
moet julle altyd hierdie fees vier.

26En wanneer julle kinders vir julle vra: ‘Wat beteken hierdie fees?’

27dan moet julle sê: ‘Dit is ’n Paasfees-offer vir die Here omdat Hy verbygegaan het
by die Israeliete se huise in Egipte. Toe Hy die Egiptenaars doodgemaak het, het Hy
ons nie doodgemaak nie.’ ” Die Israeliete het gekniel en hulle het die Here aanbid.

28Hulle het gedoen presies wat die Here vir Moses en Aäron gesê het.

Die Egiptenaars se oudste seuns sterf

29In die middel van die nag het die Here al die oudste seuns in Egipte laat sterf,
almal, die oudste seun van die farao en ook die oudste seuns van die mans in die
tronk. Die eerste manlike kleintjies van al die diere het ook gesterf.

30Die farao en al sy amptenare en al die Egiptenaars het daardie nag wakker geword
en almal het baie gehuil, want in elke huis van die Egiptenaars het iemand gesterf.

31Die farao het daardie nag vir Moses en Aäron geroep en vir hulle gesê: “Julle moet
van my mense weggaan, julle en die ander Israeliete. Gaan dien die Here, soos julle
gevra het.

32Neem ook julle skape en bokke en julle beeste, soos julle gevra het. Gaan weg. Dan
sal dit met my ook goed gaan.”

Die Israeliete gaan weg uit Egipte

33Die Egiptenaars het vir die Israeliete gesê hulle moet gou weggaan uit die land.
Hulle het gesê: “Ons sal almal sterf as julle nie weggaan nie.”

34Die Israeliete het hulle brood-deeg saamgeneem. Daar was nog nie suurdeeg in die
deeg nie. Hulle het hulle skottels toegedraai met hulle klere en hulle het dit op hulle
skouers gedra.

35Die Israeliete het gedoen wat Moses gesê het. Hulle het silwergoed en goue goed
en klere vir die Egiptenaars gevra.

36Die Here het die Egiptenaars vriendelik gemaak met die Israeliete. Die Egiptenaars
het alles gegee wat die Israeliete gevra het. So het die Israeliete die Egiptenaars se
goed weggedra.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

37Die Israeliete het van die stad Rameses na die stad Sukkot gegaan. Daar was 600 000 mans. Hulle het nie die vroue en kinders ook getel nie.

38Baie ander mense wat nie Israeliete was nie, het ook saam met hulle getrek. Die Israeliete het baie skape en bokke en beeste saamgeneem.

39Hulle het ongesuurde brood gebak van die deeg wat hulle saamgebring het uit Egipte. Daar was nie suurdeeg in die brood nie, want die Egiptenaars het hulle uit Egipte weggejaag en daar was nie tyd om padkos te maak nie.

40Die Israeliete het 430 jaar lank in Egipte gewoon.

41Presies op daardie dag, toe die 430 jaar verby was, het die Here se hele volk weggegaan.

42Daardie nag het die Here die Israeliete uit Egipte gebring. Dit is ’n nag wat nou aan die Here behoort. Al die Israeliete en hulle nageslag moet hierdie nag wakker bly en hulle moet die Here eer.

Die Paasfees en die Fees van die Ongesuurde Brood

43Die Here het vir Moses en Aäron gesê: “Julle moet die Paasfees só vier: Net Israeliete mag die Paasfees-kos eet.

44As iemand ’n slaaf gekoop het en die slaaf is besny, dan mag die slaaf ook die Paasfees-kos eet.

45Mense wat nie Israeliete is nie en wat vir julle werk of by julle woon, mag nie die Paasfees-kos eet nie.

46Julle moet die Paasfees-kos eet in die huis waar julle die kos maak. Julle mag nie die vleis uit die huis neem nie. Julle mag nie die dier se bene breek nie.

47Al die Israeliete moet die Paasfees vier.

48As ’n vreemdeling by jou woon, en hy wil die Paasfees vir die Here vier, dan moet jy hom eers besny. Jy moet hom en al die mans en seuns in sy huisgesin besny. Dan mag hy ook die fees kom vier. Hy is dan soos ’n Israeliet wat in die land gebore is. Iemand wat nie besny is nie, mag nie die Paasfees-kos eet nie.

49Julle moet dieselfde wet vir almal gebruik, vir die Israeliete en ook vir die vreemdelinge.”

50Al die Israeliete het gedoen presies soos die Here vir Moses en Aäron gesê het.

51Hulle vier die Paasfees nou nog op dieselfde dag wat die Here die Israeliete uit Egipte gebring het toe Hy hulle vrygemaak het.

Eksodus 13

1Die Here het vir Moses gesê:

© Bible Society of South Africa.

2“Julle moet elke oudste seun van die Israeliete vir My gee. Die oudste seun van die
mense en ook die eerste manlike kleintjie van al die diere behoort aan My.”

3Moses het vir die volk gesê: “Julle moet altyd hierdie dag onthou, die dag toe julle
weggegaan het uit Egipte. Julle was hier slawe, maar die Here het julle met sy groot
krag gehelp om weg te gaan van hier. Daarom mag julle in hierdie tyd nie brood eet
waarin daar suurdeeg is nie.

4Julle gaan vandag weg, in die maand Abib.

5Die Here sal julle bring na die land van die Kanaäniete en die Hetiete en die
Amoriete en die Hewiete en die Jebusiete. Hy het vir julle voorvaders belowe dat Hy
daardie land vir julle sal gee. Dit is ’n land waar daar baie melk en heuning is. As julle
daar kom, dan moet julle elke jaar in hierdie maand die fees vier.

6Julle moet sewe dae lank ongesuurde brood eet, en op die sewende dag moet julle
’n fees vier om die Here te eer.

7Julle moet sewe dae lank ongesuurde brood eet en julle mag nie brood by julle hê
wat suurdeeg in het nie. Daar mag nie suurdeeg by julle wees nie.

8Op hierdie dag moet julle vir julle kinders vertel: ‘Ons vier hierdie fees omdat die
Here ons gehelp het toe ons weggegaan het uit Egipte.’

9Die fees moet julle help om te onthou wat die Here vir julle gedoen het. Dit moet
wees soos ’n teken op julle hand en tussen julle oë, sodat julle altyd kan onthou en
vertel wat die Here vir julle geleer het. Dit is die Here wat julle met sy groot krag
gehelp het om uit Egipte weg te gaan.

10Julle moet elke jaar hierdie tyd die Paasfees vier.

11Die Here sal julle na die land Kanaän bring. Hy het dit vir julle en julle voorvaders
belowe. Wanneer Hy die land vir julle gee,

12dan moet julle elke oudste seun wat gebore word in ’n familie, vir die Here gee.
Julle moet ook die eerste manlike kleintjie van elke dier vir die Here gee. Hulle
behoort almal aan die Here.

13Maar ’n donkie se eerste hings-vul moet julle loskoop. Julle moet ’n skaap of ’n
bok gee in die plek van ’n donkie. As julle nie die donkie-vul loskoop nie, dan moet
julle sy nek breek. Julle moet ook julle oudste seuns loskoop, julle moet iets anders in
hulle plek gee.

14As julle kinders later vir julle vra wat dit beteken, dan moet julle vir hulle sê: ‘Die
Here het ons met sy groot krag uit Egipte gered, daar waar ons slawe was.

15Die farao was hardkoppig. Hy het gesê ons mag nie weggaan nie. Toe het die Here
al die oudste seuns in Egipte doodgemaak, die oudstes van die mense en van die

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

diere. Daarom offer ons die eerste bul-kalf en die eerste ram-lam vir die Here, en daarom gee ons iets anders in die plek van ons oudste seuns.

16Dit moet soos ’n teken wees op julle hande en tussen julle oë, sodat julle kan onthou dat die Here ons met sy groot krag gehelp het om weg te gaan uit Egipte.’ ”

Die volk loop deur die woestyn na die Riet-see

17-18Toe die farao die Israeliete laat gaan het, het God hulle nie gelei op die pad deur die Filistyne se land nie. Dit was die kortste pad en die Israeliete kon goed oorlog maak. Maar God het gesê: “As die Israeliete moet oorlog maak, dan sal hulle miskien begin twyfel en hulle sal hulle planne verander. Dan sal hulle omdraai en teruggaan na Egipte.” Daarom het God hulle met ’n langer pad deur die woestyn laat gaan na die Riet-see.

19Moses het Josef se lyk met hom saamgeneem, want voordat Josef gesterf het, het hy gesê die Israeliete moet belowe om dit te doen, en God moet die getuie wees. Josef het vir hulle gesê: “God sal julle vrymaak, dit is seker. Wanneer Hy dit doen, dan moet julle my lyk saamneem uit hierdie land.”

20Die Israeliete het weggegaan van Sukkot en hulle het hulle tente opgeslaan in Etam langs die woestyn.

21Die Here het elke dag saam met hulle gegaan. In die dag was Hy in ’n wolk wat hulle gelei het en wat vir hulle die regte pad gewys het. In die nag was die Here in ’n vuur om vir hulle lig te gee. Daarom kon hulle in die dag en in die nag loop.

22In die dag was die wolk by die Israeliete, en in die nag was die vuur by hulle. Die Here en die wolk het altyd by die Israeliete gebly.

Eksodus 14

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Sê vir die Israeliete hulle moet omdraai en hulle moet hulle tente opslaan by Pi-Hagirot, tussen Migdol en die see. Hulle moet by Baäl-Sefon hulle tente opslaan by die see.

3Dan sal die farao dink die Israeliete het in die woestyn verdwaal.

4Ek sal die farao hardkoppig maak en hy sal die Israeliete volg en jaag. Ek sal die farao en al sy soldate oorwin en doodmaak. Dan sal die Egiptenaars weet dat Ek die Here is.” Die Israeliete het toe gedoen soos Moses vir hulle gesê het.

Die farao volg en jaag die Israeliete

5Die koning van Egipte, die farao, het gehoor dat die Israeliete gevlug het. Hy en sy amptenare het toe gesê: “Ons het ’n fout gemaak. Ons het die Israeliete laat gaan, en nou is hulle nie meer ons slawe nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6Die farao het toe die perde voor sy oorlogkar ingespan en hy het sy soldate saam met hom geneem.

7Hy het 600 goeie oorlogkarre geneem, al die oorlogkarre van Egipte. Daar was drie manne op elke oorlogkar.

8Die Here het die farao, die koning van Egipte, hardkoppig gemaak. Hy het die Israeliete gevolg en gejaag, maar die Here het die Israeliete beskerm toe hulle weggegaan het.

9Die Egiptenaars het die Israeliete gevolg en gejaag. Die manne op die farao se oorlogkarre en sy soldate het tot by die Israeliete gekom. Die Israeliete se kamp was by die see, by Pi-Hagirot naby Baäl-Sefon.

Die Here red die Israeliete by die Riet-see

10Toe die farao nader kom, het die Israeliete gesien dat die Egiptenaars hulle volg en jaag, en hulle het baie bang geword. Hulle het tot die Here gebid en hulle het Hom gevra om hulle te help.

11Maar vir Móses het hulle gesê: “Daar was baie plek in Egipte waar die mense ons kon begrawe. Hoekom het jy ons daar weggevat om in die woestyn dood te gaan? Wat het jy aan ons gedoen? Hoekom het jy ons uit Egipte gebring?

12Ons het vir jou in Egipte gesê jy moet ons los sodat ons die Egiptenaars se slawe kan wees. Dit is vir ons beter om hulle slawe te wees, beter as om in die woestyn dood te gaan.”

13Maar Moses het vir die Israeliete gesê: “Moenie bang wees nie. Bly waar julle is. Julle sal vandag sien dat die Here julle sal red. Julle sien vandag die Egiptenaars, maar julle sal hulle nooit weer sien nie.

14Die Here sal self oorlog maak en Hy sal vir julle veg teen die Egiptenaars. Julle moet stil wees.”

15Die Here het vir Moses gesê: “Hoekom bid jy tot My en vra dat Ek julle moet help? Sê vir die Israeliete hulle moet aanhou loop.

16En jy, tel jou kierie op en hou jou hand oor die see. Dan sal daar ’n pad deur die see wees sodat die Israeliete op die grond deur die see kan gaan.

17Ek sal die Egiptenaars hardkoppig maak. Hulle sal julle deur die see volg. Dan sal Ek wys dat Ek die God is wat kan doen wat Ek wil doen met die farao en al sy soldate en met sy oorlogkarre en die manne daarop.

18Wanneer Ek dit doen, dan sal die Egiptenaars weet dat Ek die Here is.”

19Die Engel van die Here was altyd voor die Israeliete, maar Hy het nou agter hulle gaan staan.

© Bible Society of South Africa.

20Die wolk was toe tussen die Egiptenaars en die Israeliete. Die wolk was donker by die Egiptenaars maar by die Israeliete het die wolk in die nag lig gegee. Die Egiptenaars en die Israeliete kon daardie nag nie naby mekaar kom nie.

21Moses het sy hand oor die see gehou, en die Here het ’n sterk oostewind gestuur. Die wind het die hele nag gewaai en die water weggestoot. Daar was ’n pad deur die see.

22Die Israeliete het op die grond deur die see gegaan. Die water was vir hulle soos ’n muur langs hulle regter-kant en langs hulle linker-kant.

23Die Egiptenaars het die Israeliete gevolg tot binne-in die see. Al die farao se perde en sy oorlogkarre en die manne daarop het in die see ingegaan.

24Vroeg die volgende oggend het die Here uit die vuur en die wolk afgekyk na die Egiptenaars se soldate. Hy het die soldate baie bang laat word.

25Hy het die oorlogkarre se wiele laat uitval sodat die karre nie vorentoe kon beweeg nie. Toe sê die Egiptenaars: “Ons moet wegvlug van die Israeliete, want die Here veg vir hulle teen ons.”

26Die Here sê toe vir Moses: “Hou jou hand weer oor die see. Dan sal die water terugkom oor die Egiptenaars, oor hulle oorlogkarre en oor die manne daarop.”

27Moses het sy hand na die see toe gehou, en toe dit die volgende oggend begin lig word, het die see teruggespoel soos dit voorheen was. Die Egiptenaars wou weghardloop, maar die water het oor hulle gespoel. So het die Here die Egiptenaars in die see laat verdrink.

28Die water het teruggekom, en die see het die oorlogkarre toegemaak, dit het ook die manne daarop en al die soldate van die farao toegemaak, almal wat die Israeliete gevolg het in die see in. Nie een van hulle het oorgebly nie.

29Die Israeliete het op die grond deur die see gegaan. Die water was vir hulle soos ’n muur langs hulle regter-kant en langs hulle linker-kant.

30Die Here het die Israeliete daardie dag gered van die Egiptenaars. Die Israeliete het gesien dat die Egiptenaars dood lê langs die see.

31Die Israeliete het gesien dat die Here kan doen wat Hy wil doen. Hy het die Egiptenaars doodgemaak. Die Israeliete het bang geword vir die Here en hulle het Hom gerespekteer. Hulle het geglo in die Here en in sy dienaar Moses.

Eksodus 15

Die lied oor die Riet-see

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Daarna het Moses en die Israeliete hierdie lied vir die Here gesing. Hulle het gesê:
“Ek wil sing vir die Here, want Hy is die Groot God. Hy het die perde en die manne
wat op hulle ry, in die see gegooi.

2Ek kry my krag by die Here, Hy maak my sterk. Hy het my gered. Hy is my God, en ek
sal Hom prys. Hy is die God van my voorvaders, en ek sal Hom eer.

3Die Here kan oorlog maak, sy Naam is die Here.

4Hy het die farao se oorlogkarre en sy soldate in die see gegooi, die farao se beste
soldate het in die Riet-see verdrink.

5Die water het hulle toegemaak, hulle het diep ondertoe afgesak en gesink soos
klippe.

6Here, u regter-hand is baie sterk, u regter-hand, Here, slaan die vyand dood.

7Ja, U is die Groot God, U trap almal plat wat teen U oorlog wil maak. As U kwaad is,
dan brand U hulle weg soos droë gras.

8Die asem wat uit u neus kom, is soos ’n sterk wind. Dit het die water gekeer, en die
water het hoog gestaan soos ’n muur, die diep water in die middel van die see het
stil geword.

9Die vyande het gesê: ‘Ons sal die Israeliete volg en jaag en ons sal hulle vang. Ons
sal hulle goed vat en ons sal dit tussen ons verdeel. Ons sal alles kry wat ons wil hê.
Ons sal ons swaarde uithaal en ons sal hulle doodmaak.’

10Maar U het u wind laat waai, en die see het hulle toegemaak. Hulle het soos lood
in die diep water gesink.

11Here, wie is soos U? Nie een van die gode nie. Wie kan doen wat U kan doen? Wie
is so heilig soos U? Niemand nie. Almal eer U en sing van die wonderlike dinge wat U
doen.

12U het u regter-hand uitgesteek, en die aarde het u vyande ingesluk.

13U het gedoen wat U belowe het, U het u volk verlos en gelei. U het met u krag u
volk gebring na u gewyde woonplek.

14Die ander volke het daarvan gehoor en hulle het gebewe. Die mense van Filistyne-
land het baie bang geword.

15Die leiers van die Edomiete het geskrik, die konings van Moab was baie bang. Die
mense van Kanaän het groot geskrik.

16Hulle het geskrik en hulle was baie bang. Hulle het stil gaan staan soos ’n dooie klip
toe hulle hoor hoe sterk U is. Here, in daardie tyd het ons, die volk wat aan u
behoort, hier deur die water gegaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17U het ons gebring en U het ons laat woon op die berg wat aan U behoort. Dit is die plek wat U reggemaak het vir u troon, u gewyde plek wat U self reggemaak het met u hande.

18Die Here sal koning wees vir altyd en altyd!”

19Ja, toe die farao se perde en oorlogkarre en die manne daarop in die see ingegaan het, het die Here die see se water laat terugkom oor hulle, maar die Israeliete het op die grond deur die see gegaan.

20Moses se suster, Mirjam, was ’n profeet. Sy het ’n tamboeryn in haar hand geneem. Al die vroue het ook tamboeryne geneem en hulle het haar gevolg. Hulle het gedans.

21Mirjam het vir hulle gesê: “Sing vir die Here, want Hy is die Groot God. Hy het die perde en die manne wat op hulle ry, in die see gegooi.”

Mara

22Moses en die Israeliete het weggegaan van die Riet-see. Hulle het in die Sur-woestyn gekom. Hulle het drie dae lank geloop, verder in die woestyn in, en hulle het nie water gekry nie.

23Toe kom hulle by die plek Mara, maar hulle kon nie die water daar drink nie, want dit was bitter. Dit is hoekom hulle die plek Mara genoem het.

24Die Israeliete kom toe na Moses toe en vra vir hom: “Wat moet ons drink?”

25Moses het tot die Here gebid en gevra dat Hy hulle moet help. Die Here het vir hom ’n stuk hout gewys. Moses het dit op die water gegooi, en die water het soet geword. Die Here wou kyk of die Israeliete gehoorsaam sal bly aan Hom. Hy het vir hulle wette gegee

26en gesê: “Julle moet goed luister na wat Ek sê. Ek is julle God die Here. Julle moet doen wat Ek wil hê. Julle moet gehoorsaam wees aan my wette. Dan sal Ek julle nie siek maak soos Ek die Egiptenaars siek gemaak het nie, want Ek is die Here wat julle gesond maak.”

Elim

27Die Israeliete het toe by Elim gekom. Daar was 12 fonteine en 70 palmbome. Hulle het daar by die water hulle tente opgeslaan.

Eksodus 16

Die Here gee manna en kwartels in die Sin-woestyn

1Nadat die Israeliete weggegaan het van Elim, het hulle in die Sin-woestyn gekom. Dit was tussen Elim en Sinai. Dit was die 15de dag van die tweede maand nadat hulle weggegaan het uit Egipte.

2Die Israeliete het daar in die woestyn begin om vir Moses en Aäron te beskuldig.

© Bible Society of South Africa.

3Die Israeliete het vir hulle gesê: “Ons wens die Here het ons in Egipte laat sterf. Daar het ons baie vleis en genoeg kos gehad om te eet. Nou het julle ons na hierdie woestyn gebring, en ons sal almal hier van honger sterf.”

4Die Here het vir Moses gesê: “Ek sal nou vir julle brood uit die hemel laat reën. Die mense moet gaan en hulle moet genoeg optel vir elke dag. So sal Ek kan sien of hulle wil doen wat Ek sê.

5As hulle op die sesde dag die kos regmaak wat hulle opgetel het, dan sal daar twee maal meer kos wees as op die ander dae.”

6Moses en Aäron het vir al die Israeliete gesê: “Vanaand sal julle weet dat dit die Here is wat julle laat weggaan het uit Egipte.

7En môre sal julle die lig sien wat om die Here, die Koning, is wanneer Hy verskyn. Hy het gehoor wat julle van Hom praat. Hoekom beskuldig julle vir my en Aäron? Ons is nie belangrik nie.”

8Moses het gesê: “Die Here sal vanaand vir julle vleis gee en môre-oggend brood, meer as genoeg kos. Hy sal dit doen omdat Hy gehoor het julle praat van Hom. Julle het nie vir óns beskuldig nie, julle het vir die Here beskuldig.”

9Moses het vir Aäron gesê hy moet vir al die Israeliete sê: “Kom almal bymekaar, want die Here het gehoor wat julle van Hom gepraat het.”

10Nadat Aäron met al die Israeliete gepraat het, het hulle omgedraai en na die woestyn gekyk. Hulle het in ’n wolk die lig gesien wat om die Here, die Koning, is wanneer Hy verskyn.

11Die Here het vir Moses gesê:

12“Ek het gehoor wat die Israeliete praat. Sê vir hulle: ‘Vanaand sal julle vleis eet en môre-oggend sal julle baie kos hê, meer as genoeg. Dan sal julle weet dat Ek julle God die Here is.’ ”

13Daardie aand het daar kwartels gekom en hulle het oral in die kamp gaan sit. Toe was daar vleis om te eet. Die volgende oggend was daar dou rondom die kamp.

14Toe die dou weggaan, was daar iets soos stof op die grond in die woestyn. Dit was korrels en dit het gelyk soos ryp op die grond.

15Toe die Israeliete dit sien, sê hulle vir mekaar: “ Manna, wat is dit?” Hulle het nie geweet wat dit is nie.

16Moses het vir hulle gesê: “Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te eet. Die Here het gesê julle moet dit optel, elkeen moet genoeg optel om te eet, hy moenie méér optel nie. Julle moet vir elkeen in julle huisgesin ’n omer manna optel.”

17Die Israeliete het dit gedoen. Party het baie opgetel, en party het min opgetel.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18 Maar toe hulle dit met die kruik gemeet het, was dit genoeg. Elkeen wat baie
opgetel het, het nie te veel vir sy huisgesin gehad nie, en elkeen wat min opgetel het,
het nie te min vir sy huisgesin gehad nie. Elkeen het genoeg opgetel vir sy huisgesin,
hy het nie méér opgetel nie.

19 Moses het vir hulle gesê: “Niemand moet van die kos los tot die volgende oggend
nie.”

20 Maar die Israeliete het nie geluister na Moses nie. Hulle het van die kos gelos tot
die volgende oggend. Daar het toe wurms in die kos gekom, en die kos het sleg
geword. Moses was baie kwaad vir hulle.

21 Die Israeliete het elke oggend die manna opgetel, elkeen het genoeg opgetel om te
eet, hy het nie méér opgetel nie. Wanneer dit later warm geword het, dan het die
manna gesmelt wat hulle nie opgetel het nie.

22 Op die sesde dag het hulle twee maal meer manna opgetel, twee omer vir elkeen.
Al die leiers van die volk het dit vir Moses kom vertel.

23 Moses het vir hulle gesê die Here het gesê: “Môre is ’n rusdag, ’n gewyde
Sabbatdag vir die Here. Julle mag vandag alles bak wat julle wil bak en alles kook wat
julle wil kook. Alles wat oor is, moet julle bêre tot môre-oggend.”

24 Die Israeliete het gedoen wat Moses gesê het. Hulle het die kos gebêre tot die
volgende oggend. Dit het nie sleg geword nie en daar het nie wurms in die kos
gekom nie.

25 Moses het gesê: “Julle moet dit vandag eet, want vandag is die Sabbatdag vir die
Here. Julle sal nie vandag kos in die veld kry nie.

26 Julle moet ses dae lank elke dag manna optel, maar die sewende dag is die
Sabbatdag. Dan sal daar nie manna wees nie.”

27 Op die sewende dag het party van die mense gegaan om manna op te tel, maar
hulle het niks gekry nie.

28 Die Here het vir Moses gesê: “Hoe lank sal julle nog ongehoorsaam wees en nie
doen wat Ek sê nie?

29 Onthou, Ek het vir julle die Sabbatdag gegee. Daarom gee Ek vir julle op die sesde
dag genoeg kos vir twee dae. Elkeen moet op die sewende dag bly waar hy is.
Niemand mag dan weggaan van sy woonplek nie.”

30 Die Israeliete het toe op die sewende dag niks gedoen nie.

31 Die Israeliete het die kos “manna” genoem. Die manna was wit en dit het gelyk
soos koljander-saad. Dit het gesmaak soos heuningkoek.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

32Moses het ook vir hulle gesê wat die Here nog gesê het: “Julle moet ’n omer manna bêre vir julle nageslag sodat hulle die kos kan sien wat Ek vir julle in die woestyn gegee het toe Ek julle uit Egipte gebring het.”

33Moses het toe vir Aäron gesê: “Neem ’n kruik en sit ’n omer manna daarin. Sit dit dan neer voor die Here en bêre dit vir julle nageslag.”

34Aäron het dit neergesit voor die kis waarin die tien gebooie moet kom. Hy het dit gebêre soos die Here vir Moses gesê het.

35Die Israeliete het 40 jaar lank manna geëet, totdat hulle by die land gekom het waar hulle kon woon. Hulle het manna geëet totdat hulle by Kanaän gekom het.

36’n Omer is een tiende van ’n efa.

Eksodus 17

Refidim

1Nadat al die Israeliete weggegaan het uit die Sin-woestyn, het hulle van een plek na ’n ander plek gegaan soos die Here vir hulle gesê het. Hulle het later by Refidim hulle tente opgeslaan. Daar was nie water vir die mense om te drink nie.

2Die Israeliete was toe kwaad en hulle het by Moses gekla. Hulle het gesê: “Gee vir ons water sodat ons kan drink.” Moses het vir hulle gesê: “Hoekom beskuldig julle my? Hoekom dink julle die Here kan ons nie help nie?”

3Maar die mense was dors. Hulle het vir Moses beskuldig en hulle het vir hom gesê: “Hoekom het jy ons uit Egipte gebring om ons en ons kinders en ons diere te laat sterf omdat ons nie water het nie?”

4Moses het tot die Here gebid en hy het vir die Here gevra om hom te help. Hy het gesê: “Wat moet ek met hierdie mense doen? Hulle sal my doodgooi met klippe!”

5Die Here het vir Moses gesê: “Loop voor die mense en neem ’n paar leiers van die Israeliete saam met jou. Neem jou kierie waarmee jy op die Nyl-rivier geslaan het.

6Ek sal daar voor jou staan op die rots by Sinai. Jy moet teen die rots slaan, en dan sal daar water uitkom sodat die mense kan drink.” Moses het dit toe gedoen terwyl die leiers van die Israeliete gekyk het.

7Hy het die plek “Massa en Meriba” genoem omdat die Israeliete vir Moses beskuldig het en omdat hulle die Here kwaad gemaak het. Hulle het gevra: “Is die Here by ons of is Hy nie by ons nie?”

Die Israeliete veg teen die Amalekiete

8Die Amalekiete het na Refidim gekom om oorlog te maak teen die Israeliete.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Moses het vir Josua gesê: “Kies vir ons manne en gaan maak môre oorlog teen die Amalekiete. Ek sal bo-op die heuwel gaan staan, en Ek sal die kierie van God in my hand hou.”

10Josua het gedoen wat Moses vir hom gesê het. Hy het oorlog gaan maak teen die Amalekiete. Moses en Aäron en Hur het opgegaan tot bo-op die heuwel.

11Wanneer Moses sy hand opgehou het, dan het die Israeliete gewen, en wanneer hy sy hand laat sak het, dan het die Amalekiete gewen.

12Toe Moses se hande moeg word, het Aäron en Hur ’n klip geneem en hulle het dit onder hom gesit. Moses het daarop gaan sit en Aäron en Hur het sy hande vasgehou. Aäron het langs Moses gestaan, en Hur het langs Moses se ander kant gestaan. Hulle het sy hande opgehou totdat die son ondergegaan het.

13So het Josua die Amalekiete oorwin.

14Die Here het vir Moses gesê: “Jy moet hierdie woorde in ’n boek skryf, sodat almal dit sal onthou en jy moet dit vir Josua lees: ‘Die Here wil die Amalekiete heeltemal wegvee van die aarde af.’ ”

15Moses het ’n altaar gebou en hy het dit genoem “Die Here lei my.”

16Hy het gesê: “Die Here regeer. Hy het belowe dat Hy altyd oorlog sal maak teen die Amalekiete.”

Eksodus 18

Jetro kom na Moses toe

1 Jetro was die priester van die land Midian en hy was Moses se skoonpa. Hy het alles gehoor wat God vir Moses en vir die Israeliete gedoen het toe Hy hulle uit Egipte gebring het.

2Moses het voorheen sy vrou Sippora teruggestuur na sy skoonpa Jetro toe. Jetro het nou vir Sippora

3en haar twee seuns teruggeneem na Moses toe. Die een seun se naam was Gersom. Moses het gesê: “Ek was ’n vreemdeling in ’n vreemde land.”

4Die ander seun se naam was Eliëser. Moses het gesê: “Die God van my pa het my gehelp en Hy het my gered toe die farao my wou doodmaak.”

5Jetro, Moses se skoonpa, het nou Moses se twee seuns en sy vrou na hom toe gebring. Moses het daar in die woestyn by die berg van God sy tente opgeslaan.

6Jetro het ’n boodskap vir Moses gestuur. Jetro het gesê: “Ek, jou skoonpa Jetro, kom na jou toe, en jou vrou en haar twee seuns kom ook saam.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Moses het sy skoonpa gaan ontmoet. Hy het voor hom gebuig en hom gesoen. Hulle het vir mekaar gevra hoe dit gaan en hulle het in Moses se tent ingegaan.

8Moses het vir sy skoonpa alles vertel wat die Here met die farao en die Egiptenaars gedoen het omdat die Here die Israeliete wou help. Hy het ook vertel van al die probleme wat die Israeliete gehad het voordat hulle by die berg van God gekom het, en hoe die Here hulle gered het.

9Jetro was bly oor al die goeie dinge wat die Here vir die Israeliete gedoen het toe Hy hulle gered het van die Egiptenaars.

10Jetro het gesê: “Ek prys die Here wat julle gered het van die Egiptenaars en van die farao.

11Nou weet ek dat die Here groter is as al die gode. Hy het die Israeliete gered toe die Egiptenaars baie slegte dinge aan hulle gedoen het.”

12Jetro, Moses se skoonpa, het ’n brand-offer en ander offers vir God gebring. Aäron en al die leiers van die Israeliete het gekom om die offer-ete saam met Moses se skoonpa te eet.

13Moses het die volgende dag begin om te luister na die mense wat probleme het met mekaar, en om te oordeel wie is reg. Die mense het van die oggend tot die aand na Moses toe gekom.

14Sy skoonpa het alles gesien wat Moses vir die mense doen. Hy het gesê: “Wat doen jy alles vir die mense? Hoekom doen jy dit alleen en hoekom moet al die mense van die oggend tot die aand vir jou wag?”

15Moses sê toe vir sy skoonpa: “Die mense kom na my toe om te hoor wat God sê.

16Wanneer hulle probleme met mekaar het, dan kom hulle na my toe. Ek sê wie is reg en wie is verkeerd. So leer ek vir hulle wat God wil hê hulle moet doen.”

17Moses se skoonpa sê toe vir hom: “Jy maak ’n fout.

18Jy sal baie moeg word, jy en hierdie mense wat by jou is. Dit is te moeilik vir jou, jy kan dit nie alleen doen nie.

19Luister nou na wat ek vir jou sê. Ek sal vir jou sê wat jy moet doen, en God sal jou help. Jy moet met God praat oor die mense, en jy moet hulle probleme na God toe bring.

20Jy moet vir hulle leer wat God wil hê hulle moet doen. Jy moet vir hulle wys hoe om reg te lewe en wat hulle moet doen.

21Jy moet uit die hele volk manne kies wat weet wat om te doen en wat vir God eer. Hulle moet eerlik wees en nie net vir hulleself sorg nie. Hulle moet dan die leiers wees, leiers van 1 000 mense, of van 100 mense of 50 mense of tien mense.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Hulle kan dan na die mense se probleme luister. Die leiers kan al die groot probleme na jou toe bring en hulle kan self na al die klein probleme luister. Dan sal dit vir jou makliker wees, en so kan hulle jou help.

23As jy doen wat ek sê, en as God ook sê jy moet dit so doen, dan sal jy kan aanhou om die werk te doen. Al die mense sal ook tevrede huis toe gaan."

24Moses het geluister na sy skoonpa. Hy het alles gedoen wat Jetro gesê het.

25Moses het uit al die stamme van Israel manne gekies wat weet wat om te doen, en hy het hulle leiers gemaak oor die volk. Daar was leiers van 1 000 mense, van 100 mense, van 50 mense en van tien mense.

26Die leiers het geluister na die mense se probleme. Hulle het die groot probleme na Moses toe gebring. Hulle kon self besluit oor die klein probleme.

27Moses het toe sy skoonpa gegroet, en Jetro het teruggegaan na sy eie land.

Eksodus 19

By Sinai-berg

1Presies drie maande nadat die Israeliete weggegaan het uit Egipte, het hulle in die Sinai-woestyn gekom.

2Nadat hulle weggegaan het van Refidim, het hulle in die Sinai-woestyn gekom en hulle het daar by die berg hulle tente opgeslaan.

3Moses het teen die berg opgegaan na God toe. Die Here het van die berg af na Moses geroep en Hy het gesê Moses moet vir die nageslag van Jakob, die Israeliete, sê:

4"Julle het self gesien wat Ek met die Egiptenaars gedoen het. Ek het julle beskerm en gedra soos 'n arend haar kleintjies op haar vlerke dra. Ek het julle na My toe gebring.

5As julle nou gehoorsaam is en doen wat Ek sê, en as julle my verbond hou, dan sal julle my eie volk wees, want die hele aarde is Myne.

6Julle sal die priesters wees oor wie Ek regeer, 'n gewyde volk. Dit is wat jy vir die Israeliete moet sê."

7Moses het afgekom van die berg en hy het die leiers van die Israeliete geroep. Hy het alles vir hulle vertel wat die Here vir hom gesê het.

8Al die mense het saamgestem en gesê: "Ons sal alles doen wat die Here gesê het." Moses het vir die Here gaan vertel wat die volk gesê het.

© Bible Society of South Africa.

9Die Here het vir Moses gesê: “Ek sal na jou toe kom in ’n donker wolk sodat die mense kan hoor wanneer Ek met jou praat. Dan sal hulle jou altyd glo.” Toe het Moses vir die Here vertel wat die volk gesê het.

10Die Here het vir Moses gesê: “Gaan na die volk toe. Reinig hulle vandag en môre en sê hulle moet hulle klere was.

11Hulle moet oormôre gereed wees, want Ek sal oormôre afkom op Sinai-berg. Almal sal My daar sien.

12Maar jy moet vir die mense sê tot waar hulle mag gaan. Hulle mag nie teen die berg opgaan of aan sy kant raak nie. As iemand aan die berg raak, dan moet hy sterf.

13Die ander mense mag nie met hulle hande raak aan iemand wat dit gedoen het nie. Hulle moet hom met klippe doodgooi of met ’n pyl en boog doodskiet. Julle moet dieselfde doen met ’n dier wat aan die berg raak, hy mag ook nie lewe nie. Maar wanneer die mense hoor dat iemand die ramshoring blaas, dan mag hulle opgaan teen die berg.”

14Moses het afgekom van die berg en hy het na die mense toe gegaan. Hy het hulle gereinig en gesê hulle moet hulle klere was.

15Hy het vir die mense gesê: “Julle moet oormôre gereed wees, en julle moenie by ’n vrou slaap nie.”

16Op die derde dag, toe dit oggend word, was daar donderweer en weerlig en ’n donker wolk op die berg. Die Israeliete het gehoor iemand blaas die ramshoring baie hard. Almal in die kamp was baie bang en hulle het gebewe.

17Moses het die mense uit die kamp gebring om God te ontmoet, en hulle het by die voet van die berg gaan staan.

18Die hele Sinai-berg was vol rook omdat die Here in ’n vuur afgekom het op die berg. Die rook het in die lug opgetrek soos die rook van ’n oond, en die hele berg het baie gebewe.

19Die ramshoring het aangehou raas, en die geraas het baie hard geword. Moses het gepraat, en God het hom geantwoord, sy antwoord was soos donderweer.

20Die Here het afgekom op Sinai-berg. Hy was op die berg en Hy het vir Moses na Hom toe geroep. Moses het gegaan,

21en die Here het vir hom gesê: “Gaan af en waarsku die mense. Sê hulle moenie opklim na My toe nie. Die mense wat na My kyk, sal sterf.

22Ook die priesters wat vir My offers bring, moet hulleself reinig, anders sal Ek hulle laat sterf.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Moses het vir die Here gesê: “Die mense mag nie opgaan teen Sinai-berg nie. U het ons gewaarsku om nie op te gaan teen die berg nie, want die berg is gewyd.”

24Die Here het vir Moses gesê: “Gaan nou af en bring vir Aäron saam met jou terug. Maar die priesters en die ander mense mag nie opklim na My toe nie, want dan sal Ek hulle laat sterf.”

25Moses het toe afgegaan na die mense toe en hy het alles vir hulle vertel.

Eksodus 20

Die tien gebooie

1God het gesê:

2“Ek is jou God die Here. Ek het jou uit Egipte gebring, uit die plek waar jy ’n slaaf was.

3“Jy mag nie ander gode aanbid nie. Ek is die enigste God.

4-5“Jy mag nie vir jou ’n beeld maak en voor hom buig en hom dien nie, nie ’n beeld wat lyk soos iets bo in die hemel of soos iets onder op die aarde of soos iets in die water onder die aarde nie. Ek is jou God die Here, jy moet net vir My dien. Ek straf die kinders as die pa sonde gedoen het. Ek straf ook sy kleinkinders en agterkleinkinders as hy My haat en ongehoorsaam is aan My.

6Maar as iemand lief is vir My en as hy gehoorsaam is aan My, dan sal Ek goed wees vir hom en vir sy kinders, 1 000 geslagte lank.

7“Jy mag die Naam van jou God die Here nie gebruik vir iets wat verkeerd is nie, want die Here sal elkeen straf wat sy Naam gebruik vir iets wat verkeerd is.

8“Jy moet onthou die sewende dag is ’n gewyde dag.

9Jy moet ses dae lank werk en alles doen wat jy moet doen.

10Maar die sewende dag is die Sabbatdag van jou God die Here. Dan mag jy niks werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of slavin, of jou diere of die vreemdelinge wat by jou woon nie.

11Die Here het ses dae lank die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, maar op die sewende dag het Hy nie gewerk nie. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en Hy het dit ’n gewyde dag gemaak.

12“Jy moet jou ouers respekteer, dan sal jy lank woon in die land wat jou God die Here vir jou gee.

13“Jy mag nie iemand vermoor nie.

14“Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

© Bible Society of South Africa.

15“Jy mag nie steel nie.

16“Jy mag nie leuens vertel oor ander mense nie.

17“Jy mag nie ’n ander mens se huis vir jouself wil hê nie. Jy mag nie ’n ander man se vrou vir jouself wil hê nie, ook nie sy slaaf of slavin, sy bees of sy donkie, of enige iets wat aan ’n ander mens behoort nie.”

Moses gaan nader na God toe

18Al die mense het die donderweer en die ramshoring gehoor. Hulle het ook die weerlig gesien en die berg wat vol rook is. Toe die mense dit sien, het hulle gebewe en hulle het ver weg bly staan.

19Hulle het vir Moses gesê: “As jý met ons praat, dan sal ons luister, maar God moenie met ons praat nie, want dan sal ons sterf.”

20Moses het vir die mense gesê: “Julle moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets. God wil hê julle moet Hom eer en julle moenie sonde doen nie.”

21Die mense het toe ver weg bly staan, maar Moses het nader gegaan na die donker wolk waar God was.

Gode

22Die Here het vir Moses gesê hy moet vir die Israeliete sê: “Julle het self gehoor dat Ek met julle uit die hemel gepraat het.

23“Julle mag nie vir julle gode van silwer of goud maak nie.”

Altare

24“Julle moet vir My ’n altaar van grond maak, en daarop moet julle die brand-offers en julle ete-offers bring, julle skape en bokke en julle beeste. Ek sal na julle toe kom en Ek sal julle seën op elke plek waar Ek wil hê dat julle My moet aanbid.

25Wanneer julle vir My ’n altaar van klippe maak, dan moet julle dit nie bou met klippe wat julle gekap het nie, want as julle die klippe kap, dan sal die altaar onrein wees.

26Julle mag nie met trappe opklim na my altaar nie, want dan kan die mense miskien onder julle klere inkyk.”

Eksodus 21

Hebreeuse slawe

1“Hier is die wette wat jy vir die Israeliete moet gee:

2“Wanneer jy ’n Hebreeuse slaaf koop, dan moet hy ses jaar lank vir jou werk, maar in die sewende jaar moet jy hom vry laat weggaan. Hy moenie betaal om vry te word nie.

3As hy alleen na jou toe gekom het, dan moet hy alleen weggaan. As hy ’n getroude man was, dan moet sy vrou saam met hom weggaan.

© Bible Society of South Africa.

4As jy vir hom ’n vrou gegee het en hulle het seuns of dogters, dan behoort die vrou en haar kinders aan jou. Die man moet dan alleen weggaan.

5Miskien sal die slaaf reguit sê: ‘Ek is lief vir my eienaar en vir my vrou en my kinders, ek wil nie alleen weggaan nie.’

6Dan moet jy hom na die plek neem waar julle vir God aanbid. Jy moet hom na die deur bring, en jy moet ’n gaatjie deur sy oor steek met ’n skerp yster. Dan sal hy vir altyd jou slaaf wees.

7“Maar as ’n man sy dogter verkoop en sy word ’n slavin, dan mag sy nie vry weggaan soos ander slawe nie.

8As haar eienaar later nie van haar hou nie, en hy wil nie met haar trou nie, dan mag iemand anders haar by hom koop. Maar hy mag haar nie aan iemand van ’n vreemde volk verkoop nie, want dan doen hy nie wat hy belowe het toe hy met haar wou trou nie.

9As hy wil hê sy seun moet met haar trou, dan moet hy met haar doen soos met sy eie dogter.

10As hy later ’n ander vrou vir homself neem, dan moet hy nog altyd kos en klere gee vir die vrou wat ’n slavin was en hy moet by haar slaap.

11As hy hierdie drie dinge nie vir haar doen nie, dan mag sy weggaan en sy moenie vir hom betaal nie.”

Mense wat moet sterf

12“As iemand ’n ander man slaan en die man sterf, dan moet julle hom ook doodmaak.

13As hy per ongeluk die man doodgeslaan het en hy het nie planne gemaak om dit te doen nie, dan mag hy vlug na ’n plek wat Ek vir jou sal wys.

14Maar wanneer iemand planne maak om ’n ander mens dood te maak, dan moet jy hom wegvat en ook doodmaak, ook as hy aan die altaar vashou.

15“As iemand sy pa of sy ma slaan, dan moet julle hom doodmaak.

16“As iemand ’n ander mens vang en verkoop, of hy hou hom vir homself, dan moet julle hom doodmaak.

17“As iemand sy pa of ma vervloek, dan moet julle hom doodmaak.”

Baklei

18“Partymaal baklei mense en die een slaan die ander met ’n klip of met sy vuis. As die ander man nie dood is nie maar in die bed moet bly,

© Bible Society of South Africa.

19 en later kan opstaan en buite kan rondloop met sy kierie, dan moet julle nie die
man doodmaak wat geslaan het nie. Maar hy moet betaal vir die een wat seergekry
het, en hy moet ook vir hom sorg totdat hy heeltemal gesond is.

20 "Wanneer iemand sy slaaf of slavin met 'n stok slaan en die slaaf sterf dadelik,
dan moet julle die eienaar straf.

21 As die slaaf 'n dag of twee dae daarna nog lewe, dan moet julle nie die eienaar
doodmaak nie, want die slaaf behoort aan hom.

22 "Wanneer mans baklei en een van hulle stamp 'n swanger vrou sodat haar baba
dood is, maar die vrou is nie ernstig beseer nie, dan moet die man wat haar gestamp
het, boete betaal. Hy moet betaal wat die vrou se man vra en wat die hof sê.

23 Maar as die vrou baie seer gekry het, dan moet julle die man op dieselfde manier
straf – as sy sterf, dan moet julle hom ook doodmaak.

24 Julle moet dieselfde aan die man doen wat hy aan die vrou gedoen het: sy oog vir
'n oog, sy tand vir 'n tand, sy hand vir 'n hand, sy voet vir 'n voet,

25 'n brandplek vir 'n brandplek, 'n seerplek vir 'n seerplek, 'n kneusplek vir 'n
kneusplek.

26 "Wanneer iemand sy slaaf of slavin op die oog slaan, en die oog word blind, dan
moet hy die slaaf vry laat weggaan om te betaal vir sy oog.

27 En wanneer hy sy slaaf of slavin se tand uitslaan, dan moet hy hom vry laat
weggaan om te betaal vir sy tand."

'n Bees wat mense doodstoot

28 "Wanneer 'n bees 'n man of 'n vrou doodstoot, dan moet julle die bees doodgooi
met klippe, en julle mag nie sy vleis eet nie. Die bees se eienaar is onskuldig.

29 Miskien het die bees al voorheen mense gestoot, en julle het sy eienaar
gewaarsku, maar hy pas nie die bees op nie. As die bees dan 'n man of 'n vrou
doodmaak, dan moet julle die bees doodgooi met klippe. Julle moet ook sy eienaar
doodmaak.

30 As julle besluit dat die eienaar net 'n boete moet betaal, dan moet hy die boete
betaal wat julle sê. Dan mag hy lewe.

31 As die bees 'n seun of 'n dogter doodstoot, dan moet julle die eienaar ook so straf.

32 As die bees 'n slaaf of slavin doodstoot, dan moet die bees se eienaar 30 stukke
silwer betaal aan die slaaf se eienaar. Julle moet ook die bees doodgooi met klippe."

Diere wat in 'n put val

33 "Partymaal maak iemand 'n put oop, of hy grawe 'n put en hy maak dit nie toe nie.
Wanneer 'n bees of 'n donkie daarin val,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34dan moet die man wat die put gegrawe het, betaal. Hy moet die geld vir die eienaar van die dier gee en hy mag dan die dooie dier neem.”

’n Bees wat ’n ander bees doodmaak

35“Wanneer iemand se bees ’n ander man se bees doodstoot, dan moet julle die lewendige bees verkoop en die geld verdeel tussen die twee eienaars. Julle moet ook die dooie bees se vleis verdeel.

36As die bees al voorheen met ander beeste baklei het, en sy eienaar het hom nie opgepas nie, dan moet die eienaar ’n ander bees gee. Hy mag dan die dooie bees neem.”

Eksodus 22

Mense wat steel

1“As ’n man ’n bees of ’n skaap steel en hy slag of verkoop die dier, dan moet hy vir die eienaar van die beeste vyf beeste gee. As hy ’n skaap gesteel het, dan moet hy vir die eienaar van die skaap vier skape gee.

2-4As julle die dief vang en die dier wat hy gesteel het, lewe nog, dan moet die dief vir die eienaar van die diere twee diere gee vir elke dier wat hy gesteel het. Dit maak nie saak of dit ’n bees of ’n donkie of ’n skaap is nie. Die dief moet vir alles betaal. As hy niks het nie, dan moet julle die dief verkoop om te betaal vir die diere wat hy gesteel het. As iemand ’n dief vang terwyl hy in die nag inbreek, en hy slaan die dief dood, dan moet julle nie die man doodmaak wat hom geslaan het nie. Maar as dit in die dag gebeur, dan moet julle die man wat die dief doodgeslaan het, ook doodmaak.”

Diere wat wei

5“Wanneer ’n man sy diere in sy veld of wingerd laat loop om te wei, dan moet hy hulle oppas. As hy sy diere vry laat loop en hulle gaan vreet ook in ’n ander man se veld, dan moet die eienaar van die diere die ander man betaal. Hy moet die beste koring en die beste druiwe vir die ander man gee.”

Brand

6“Wanneer ’n man ’n vuur maak en die vuur verbrand ook ’n ander man se koring wat hy klaar afgesny en opmekaar gepak het, of dit verbrand sy koring wat nog groei of sy gras, dan moet die man wat die brand begin het, alles terugbetaal.”

Mense wat geld of goed oppas van iemand anders

7“Wanneer iemand vir ’n ander man geld of goed gee om op te pas, en iemand anders steel dit uit die man se huis, en hulle vang die dief, dan moet die dief vir die eienaar twee maal soveel gee.

8As hulle nie die dief kan vang nie, dan moet die eienaar van die huis sê dat hy nie die ander man se goed gesteel het nie. God moet die getuie wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9“Mense stry partymaal oor ’n bees of ’n donkie of ’n skaap, of oor klere of oor enige
iets wat weggeraak het, en iemand sê: ‘Dit is myne.’ Dan moet hulle vir God gaan vra
wie is reg. God sal sê wie is skuldig, en dan moet die man wat skuldig is, vir die ander
man twee maal soveel gee.

10Partymaal gee iemand vir ’n ander man ’n donkie of ’n bees of ’n skaap of ’n ander
dier om op te pas. As die dier vrek, of ’n ander dier byt dit dood of iemand steel dit
wanneer niemand die diere oppas nie,

11dan moet die man wat die dier moes oppas, sê hy het nie self die dier doodgemaak
of gesteel nie. God moet die getuie wees. Dan moet die eienaar hom glo, en die
ander man moenie hom betaal nie.

12Maar as iemand die dier gesteel het en dit is seker, dan moet die man wat die dier
moes oppas, die eienaar betaal vir die dier.

13As ’n wilde dier dit doodgebyt het, en die man kan wys wat oorgebly het van die
dooie dier, dan moet hy nie die eienaar betaal nie.”

Wette oor leen of huur

14“Wanneer iemand ’n ander man se dier leen en ’n wilde dier byt dit dood of dit
vrek, en die eienaar is nie daar wanneer dit gebeur nie, dan moet die man wat dit
geleen het, ’n ander dier gee in die plek van die dier wat dood is.

15As die eienaar daar is wanneer dit gebeur, dan moet die man niks betaal nie. As hy
die dier gehuur het, dan sal sy huurgeld genoeg wees om dit te betaal.”

Iemand wat ’n meisie verlei

16“Wanneer ’n man ’n meisie verlei wat nie verloof is nie en hy slaap by haar, dan
moet hy vir haar pa die bruidsprys gee en hy moet met die meisie trou.

17As haar pa haar glad nie vir hom wil gee nie, dan moet hy ook betaal. Hy moet vir
haar pa die bruidsprys gee.”

Doodstraf

18“Julle moet ’n vrou doodmaak wat toor.

19“Julle moet iemand doodmaak wat seks het met ’n dier.

20“Julle moet iemand doodmaak wat offers bring vir ’n ander god. Julle mag net vir
die Here offer.”

Vreemdelinge, weduwees en weeskinders

21“Julle mag nie slegte dinge doen aan ’n vreemdeling nie. Julle mag hom nie laat
swaarkry nie. Julle moet onthou julle was ook vreemdelinge in Egipte.

22Julle mag nie slegte dinge doen aan ’n weduwee of weeskind nie.

23As julle dit doen, en hulle vra My om hulle te help, dan sal Ek na hulle luister.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24Ek sal baie kwaad word en Ek sal julle doodmaak. Dan sal júlle vroue weduwees
word en júlle kinders sal weeskinders word."

Skuld

25"Wanneer julle geld leen vir arm mense by julle, dan moet julle nie wees soos die
mense wat gewoonlik vir ander mense geld leen nie. Julle moenie die arm mense
ook rente laat betaal nie.

26Wanneer julle 'n ander man se klere vat omdat hy nie geld het om te betaal nie,
dan moet julle dit vir hom teruggee wanneer die son ondergaan,

27want hy moet hom daarmee toemaak. Dit is sy klere, hy moet daarin slaap. As hy
My vra om hom te help, dan sal Ek luister, want Ek is jammer vir hom."

Vervloek

28"Julle mag nie vir God of 'n leier van julle volk vervloek nie."

Offers

29"Julle moenie al die koring wat julle afsny en die wyn wat julle maak, vir julleself
hou nie. Julle moet julle oudste seuns vir My gee.

30Julle moet ook die oudste bul-kalwers en die oudste ram-lammers vir My gee. Die
kalf of lam moet sewe dae by sy ma bly, en op die agste dag moet julle hom vir My
gee.

31Julle moet gewyde mense vir My wees. Wanneer 'n wilde dier 'n mak dier
doodgebyt het, dan mag julle nie die dooie dier se vleis eet nie. Julle moet daardie
vleis vir die honde gooi."

Eksodus 23

In die hof

1"Jy mag nie skinder van ander mense nie. Jy mag nie leuens vertel om iemand te
help wat skuldig is nie.

2Jy moet altyd die waarheid in die hof vertel. As jy moet vertel wat gebeur het, en
baie ander mense vertel leuens, dan mag jy nie saam met hulle leuens vertel nie.

3Jy mag ook nie goed wees vir 'n arm mens in die hof net omdat hy arm is nie."

Beeste en donkies

4"Wanneer jy 'n bees of 'n donkie van jou vyand kry en die bees het weggeloop of
verdwaal, dan moet jy dit vir hom terugbring.

5Wanneer jou vyand se donkie val omdat hy te swaar moet dra, en jy sien dit, dan
moet jy die donkie help. Jy mag hom nie daar los nie."

Wette oor die hof

6"Jy moet in die hof reg doen aan 'n arm mens.

© Bible Society of South Africa.

7Jy moenie luister na leuens nie, want dan sal jy miskien ’n onskuldige mens laat doodmaak. Ek, die Here, sal nooit sê ’n skuldige mens is reg nie.

8Mense gee partymaal vir jou ’n present en dan wil hulle hê jy moet sê hulle is reg. Jy mag nie die present neem nie, want dit laat jou verkeerd sien en verkeerd dink. Dan doen jy nie reg aan mense wat onskuldig is nie.

9Jy mag nie slegte dinge doen aan ’n vreemdeling nie. Julle weet self hoe hy voel, want julle was ook vreemdelinge in Egipte.”

Die sewende jaar en die sewende dag

10“Julle moet ses jaar lank op julle grond saai en die koring of die gars bymekaarmaak.

11In die sewende jaar moet julle die grond los, julle moenie dan in die grond werk en die koring of die gars afsny nie, sodat die arm mense iets kan kry om te eet. En as die arm mense iets laat oorbly, dan kan die wilde diere dit eet. Julle moet dieselfde doen met julle wingerde en julle olyfbome.

12Julle moet ses dae lank julle werk doen, maar op die sewende dag moet julle nie werk nie. Dan kan julle beeste en julle donkies rus, en ook julle slawe en die vreemdelinge.”

Ander gode

13“Julle moet gehoorsaam wees en alles doen wat Ek vir julle gesê het, julle moet dit presies so doen. Julle mag nie tot ander gode bid nie. Julle mag nooit van ander gode praat nie.”

Feeste

14“Julle moet elke jaar drie feeste vir My vier.

15Die eerste fees is die Fees van die Ongesuurde Brood. Julle moet sewe dae lank ongesuurde brood eet soos Ek vir julle gesê het. Julle moet die fees altyd op dieselfde dag van die maand Abib vier, want in hierdie maand het julle uit Egipte gekom. Julle almal moet dan vir My ’n offer bring.

16“Julle moet ook ’n Oesfees vier wanneer julle die ryp koring begin afsny. Die derde fees is die fees aan die einde van die jaar, wanneer julle klaar gewerk het en die tyd verby is wanneer julle die koring afsny.

17Al die mans moet elke jaar op hierdie drie feeste na My toe kom om My te aanbid.”

Offers

18“Julle mag nie die bloed van ’n dier wat julle vir My offer, saam met suurdeeg offer nie. Julle mag ook nie die vet van ’n dier wat julle offer, los tot die volgende oggend nie.

19Wanneer julle begin om koring af te sny en vrugte te pluk, dan moet julle die beste koring en vrugte bring na die tempel van julle God die Here. Julle mag nie ’n bok-lam in sy ma se melk kook nie.”

© Bible Society of South Africa.

Die land

20"Ek stuur 'n engel voor julle om julle op te pas op die pad en om julle te bring na die plek wat Ek vir julle gereedgemaak het.

21Julle moet goed luister na wat die engel sê. Julle moenie opstandig wees nie, want hy sal julle nie vergewe as julle verkeerd doen nie. Die engel kom om te doen wat Ek wil doen.

22As julle goed luister na hom en alles doen wat Ek sê, dan sal Ek teen julle vyande veg. Ek sal teen almal wees wat teen julle is.

23My engel sal julle lei en hy sal julle bring by die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete en Hewiete. Dan sal Ek hulle doodmaak.

24Julle mag nie voor hulle gode buig nie, julle mag nie hulle gode aanbid nie. Julle mag nie dieselfde doen wat daardie mense doen nie. Julle moet hulle klip-pale afbreek en stukkend kap.

25Ek is julle God die Here, en as julle My dien, dan sal Ek julle seën sodat julle baie water en kos sal hê. Julle sal ook nie siek word nie.

26Nie een vrou in julle land sal haar kind verloor terwyl sy swanger is nie, en almal sal kan kinders kry. Julle sal baie oud word.

27Al die volke by wie julle kom, sal skrik vir My. Ek sal hulle wegjaag en al julle vyande sal weghardloop van julle.

28Ek sal die Hewiete en Kanaäniete en Hetiete bangmaak vir julle, so bang soos vir perdebye. Ek sal daardie volke wegjaag voor julle.

29Ek sal hulle nie almal in een jaar wegjaag voor julle nie, want dan sal daar niemand in die land woon nie en die wilde diere sal dan baie meer word as julle.

30Ek sal elke maal 'n klomp van die mense wegjaag voor julle. Dan kan julle baie word en die land vat.

31Julle mag woon van die Riet-see tot by die Filistynse See, en van die woestyn tot by die Eufraat-rivier. Ek sal julle help om die mense te oorwin wat in die land woon. Ek sal hulle wegjaag voor julle.

32Julle mag nie 'n ooreenkoms maak met hulle en hulle gode nie.

33Hulle mag nie saam met julle in julle land woon nie, want dan sal hulle vir julle leer om sonde te doen teen My en om hulle gode te dien. So sal hulle vir julle verkeerde dinge laat doen."

Eksodus 24

© Bible Society of South Africa.

1Die Here het vir Moses gesê: “Kom teen die berg op na My toe, jy en Aäron, Nadab
en Abihu en nog 70 leiers van die Israeliete. As julle nog ver van My is, dan moet julle
buig.

2Moses, jy moet dan alleen nader kom na My toe. Die ander manne moenie nader
kom nie en niemand moet saam met jou opklim nie.”

3Moses het toe gekom en hy het vir die volk alles vertel wat die Here gesê het, al die
wette wat Hy gegee het. Al die mense het gesê dit is reg. Hulle het gesê: “Ons sal
alles doen wat die Here gesê het.”

4Moses het toe al die woorde van die Here neergeskryf en vroeg die volgende
oggend ’n altaar gebou by die voet van die berg. Daar was twaalf gedenkstene, een
vir elke stam van die Israeliete.

5Moses het die Israeliete se jongmanne gestuur, en hulle het brand-offers vir die
Here gebring. Daar was ook bulle vir ete-offers.

6Moses het die helfte van die bloed geneem en hy het dit in bakke gegooi. Hy het die
ander helfte van die bloed teen die kant van die altaar uitgegooi.

7Hy het die boek geneem waarin hy alles geskryf het oor die verbond wat die Here
met hulle gemaak het. Hy het dit vir die mense gelees, en hulle het gesê: “Ons sal
alles doen wat die Here gesê het, ons sal gehoorsaam wees.”

8Moses neem toe die bloed wat in die bakke was en gooi dit op die mense en sê:
“Hierdie bloed bewys dat julle belowe om die verbond te hou wat die Here met julle
gemaak het.”

9Moses en Aäron, Nadab en Abihu en 70 leiers van die Israeliete het teen die berg
opgegaan.

10Hulle het die God van die Israeliete gesien. Onder sy voete was ’n vloer van saffier.
Dit was so blou soos die lug.

11Die Here het nie die leiers van die Israeliete laat sterf nie. Hulle het God gesien en
toe het hulle geëet en gedrink.

12Die Here het vir Moses gesê: “Kom teen die berg op na My toe en wag hier. Ek sal
vir jou die plat klippe gee waarop Ek die wette geskryf het. Jy moet dit vir die mense
leer.”

13Moses en Josua, sy helper, het toe gereedgemaak en Moses het opgegaan teen die
berg van God.

14Hy het vir die leiers gesê: “Wag hier vir ons totdat ons terugkom na julle toe. Aäron
en Hur is by julle. As iemand ’n probleem het, dan moet hy na Aäron en Hur toe
gaan.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Moses het teen die berg opgegaan, en ’n wolk het oor die hele berg gekom.

16Die lig wat om die Here, die Koning, is wanneer Hy verskyn, was op Sinai-berg, en die wolk was ses dae lank oor die berg. Op die sewende dag het die Here uit die wolk vir Moses geroep.

17Dit het vir die Israeliete gelyk soos ’n groot vuur bo-op die berg.

18Moses het ingegaan in die wolk en hy het opgegaan teen die berg. Moses was 40 dae en 40 nagte op die berg.

Eksodus 25

Die Israeliete moet ’n tempel maak

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet met die Israeliete praat en sê hulle moet elkeen vir My ’n present bring. Elkeen moet self besluit wat hy vir My wil gee, en julle moet sy present aanvaar.

3Hier is ’n lys van presente wat die mense mag gee en wat julle mag aanvaar: goud, silwer, brons,

4blou, pers of rooi wol-materiaal of linne-materiaal of bokhaar-materiaal.

5Hulle mag ook skaapvelle bring wat hulle rooi gekleur het, velle wat hulle sag gemaak het, doringhout,

6olyf-olie vir die lampe, balsem vir die salf-olie en vir wierook,

7 oniks en ander edelstene om op die priester se skouer-kleed en borssak vas te sit.

8“Julle moet dan vir My ’n tempel bou sodat Ek tussen julle kan woon.

9Ek het vir jou gewys hoe julle die tempel-tent moet maak, en ook alles wat daarin moet wees. Julle moet dit presies maak soos Ek vir jou gewys het.”

Die kis

10Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet ’n kis van doringhout maak. Dit moet twee en ’n halwe el lank, een en ’n halwe el breed en een en ’n halwe el hoog wees.

11Julle moet dit oortrek met skoon goud, binne en buite, en julle moet dan ’n rand van goud rondom die kis se kante sit.

12Julle moet vier goue ringe maak en julle moet dit vassit aan die onderste vier hoeke van die kis. Daar moet twee ringe aan die een kant wees en twee ringe aan die ander kant.

13Julle moet doringhout neem en julle moet dra-pale maak om die kis te dra. Julle moet die dra-pale ook oortrek met goud.

© Bible Society of South Africa.

14Julle moet die dra-pale deur die ringe steek wat aan die kante van die kis is. Dan moet julle die kis met die dra-pale dra.

15Die dra-pale moet altyd in die ringe van die kis bly. Julle mag die pale nooit uit die ringe uithaal nie.

16Ek sal vir julle die tien gebooie gee. Julle moet dit in die kis sit.

17Julle moet ’n deksel van skoon goud maak. Dit moet twee en ’n halwe el lank en een en ’n halwe el breed wees.

18Dan moet julle twee gerubs van goud maak. Julle moet die gerubs op die twee kante van die deksel sit.

19Die een gerub moet op die een kant van die deksel wees en die ander gerub op die ander kant. Die gerubs en die deksel moet een stuk goud wees.

20Die gerubs se vlerke moet oop wees sodat hulle vlerke die deksel toemaak. Hulle gesigte moet na mekaar toe wees en hulle moet na die deksel kyk.

21In die kis moet julle die tien gebooie sit wat Ek vir julle sal gee, en julle moet die deksel op die kis sit.

22As Ek vir jou iets wil sê, dan sal Ek hier aan jou verskyn. Ek sal bokant die deksel wees, tussen die twee gerubs wat op die kis is waarin die tien gebooie is. Ek sal daar met jou praat en vir jou alles sê wat jy vir die Israeliete moet sê.”

Die tafel

23Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet ’n tafel van doringhout maak. Dit moet twee el lank, een el breed en een en ’n halwe el hoog wees.

24Julle moet dit oortrek met skoon goud en julle moet ook nog ’n rand van goud rondom die tafel se kante sit.

25Julle moet ’n rand rondom die tafel vassit. Die rand moet so breed soos ’n hand wees, en aan die rand moet nog ’n rand van goud wees.

26Julle moet ook vier goue ringe maak en julle moet die ringe vassit onder aan die vier hoeke van die tafel, een ring by elke tafel-poot.

27Die ringe moet naby die rand wees sodat julle dra-pale daardeur kan steek om die tafel te dra.

28Julle moet die dra-pale van doringhout maak en julle moet dit oortrek met goud. Julle moet die tafel met die dra-pale dra.

29Julle moet ook skottels en panne en kanne en bakke maak. Julle moet die drank-offers daarmee op die altaar gooi. Julle moet dit alles van skoon goud maak.

30Julle moet altyd offer-brood vir My neersit op hierdie tafel.”

Die lampstaander

© Bible Society of South Africa.

31Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet ’n lampstaander van skoon goud maak. Die lampstaander moet ’n voetstuk hê, ’n stam, blomme en blomknoppe. Dit moet alles een stuk goud wees.

32Daar moet ses arms aan die lampstaander wees: drie arms aan die een kant en drie arms aan die ander kant.

33Daar moet drie blomme aan elke arm wees. Hulle moet lyk soos die blomknoppe en blomme van amandelbome.

34Daar moet vier blomme aan die stam wees. Hulle moet ook lyk soos die blomknoppe en blomme van amandelbome.

35Waar twee arms van die lampstaander bymekaarkom, moet daar ’n blomknop wees.

36Die blomknoppe en die arms moet alles een stuk goud wees, skoon goud wat julle met ’n hamer geslaan en gevorm het.

37Julle moet sewe lampe maak en julle moet die lampe op die staander sit sodat die lig voor die lampstaander skyn.

38Julle moet die lampe van skoon goud maak, en ook die dekseltjies wat die lampe doodmaak.

39Julle moet ’n talent skoon goud neem om dit alles te maak.

40Julle moet dit maak presies soos Ek vir jou op die berg gewys het.”

Eksodus 26

Die tempel-tent

1Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet ’n tempel-tent maak van tien stukke materiaal. Dit moet goeie linne-materiaal wees, en blou, pers en rooi wol-materiaal. Julle moet gerubs op die materiaal borduur.

2Elke stuk materiaal moet 28 el lank en vier el breed wees.

3Werk eers vyf stukke materiaal aan mekaar vas, en dan die ander vyf stukke materiaal.

4-5Julle moet 50 blou lissies vaswerk aan een kant van elke stuk materiaal. Hulle moet ewe ver van mekaar wees.

6Julle moet dan ook 50 goue hakies vaswerk aan elke stuk materiaal sodat die hakies in die lissies kan haak, en sodat die stukke materiaal van die tempel-tent vas aan mekaar kan wees.

© Bible Society of South Africa.

7Julle moet dan ’n seil maak van bokhaar-materiaal, en julle moet hierdie seil bo-oor die tempel-tent sit. Julle moet elf stukke materiaal daarvoor gebruik.

8Elke stuk materiaal moet 30 el lank en vier el breed wees.

9Werk eers vyf stukke materiaal aan mekaar vas, en dan die ander ses stukke materiaal. Julle moet die sesde stuk materiaal dubbel vou. Dit moet aan die voorkant van die tent wees.

10Julle moet 50 lissies vaswerk aan die kant van elke stuk materiaal.

11Dan moet julle ook 50 brons hakies vaswerk aan elke stuk materiaal en julle moet die hakies in die lissies sit. As julle dan die tent opslaan, sal die stukke materiaal almal vas aan mekaar wees.

12Die stuk materiaal wat oorbly, moet oorhang agter die tempel-tent.

13Aan elke lang kant van die tent sal een el oorhang om dit toe te maak.

14Julle moet ook ’n seil maak van skaapvelle wat julle rooi gekleur het. Dan moet julle nog ’n seil maak van velle wat julle sag gemaak het, en julle moet dit bo-oor die rooi seil sit.

15Julle moet rame van doringhout maak om die tempel-tent regop te hou.

16Elke raam moet tien el lank en een en ’n halwe el breed wees.

17Elke raam moet twee houtpenne en twee gate hê sodat julle die pale goed aan mekaar kan vassit. So moet julle maak met al die rame van die tempel-tent.

18Julle moet 20 rame maak vir die suidekant van die tempel-tent.

19Julle moet ook 40 voetstukke van silwer maak en julle moet die voetstukke onder die 20 rame sit, twee voetstukke onder elke raam waar die houtpenne is.

20-21Julle moet ook 20 rame en 40 voetstukke van silwer maak vir die noordekant van die tempel-tent.

22Vir die westekant van die tempel-tent moet julle ses rame maak,

23en ook twee rame op elke hoek van die tent.

24Julle moet die hoekrame sterker maak van onder tot by die boonste ring. Dit is die hoekrame.

25Die rame aan die westekant moet almal saam ag wees, en 16 voetstukke van silwer.

26-27Julle moet dwarspale maak van doringhout, vyf dwarspale vir die rame aan drie kante van die tempel-tent, aan die noordekant, die suidekant en die westekant.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Die middelste dwarspaal tussen die rame moet lank wees, van een kant tot by die ander kant.

29Julle moet die rame oortrek met goud. Julle moet vir hulle goue ringe maak en julle moet die dwarspale deur die ringe steek. Julle moet die dwarspale ook oortrek met goud.

30Julle moet die tempel-tent maak presies soos Ek vir jou op die berg gewys het.

31“Julle moet vir die tempel-tent ’n gordyn maak van blou, pers en rooi wol-materiaal en van goeie linne-materiaal. Julle moet gerubs daarop borduur.

32Julle moet vier doringhout-pale oortrek met goud en julle moet vier goue hake daaraan vassit. Julle moet vir die pale vier voetstukke van silwer maak.

33Dan moet julle die gordyn ophang aan die hakies en julle moet die kis waarin die tien gebooie moet kom, neersit agter die gordyn. Die gordyn moet die gewyde kamer skei van die hoog-gewyde kamer.

34Julle moet die kis waarin die tien gebooie moet kom, en die deksel neersit in die hoog-gewyde kamer.

35Julle moet die tafel neersit buitekant die gordyn, en die lampstaander oorkant die tafel in die suidekant van die tempel-tent. Die tafel moet in die noordekant staan.

36Julle moet die ingang van die tent toemaak met blou, pers en rooi wol-materiaal en goeie linne-materiaal.

37Julle moet dit ophang aan vyf pale van doringhout. Julle moet die pale oortrek met goud en julle moet vir hulle vyf voetstukke van brons maak. Daar moet hake aan die pale wees.”

Eksodus 27

Die brandoffer-altaar

1Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet ’n altaar maak van doringhout, vyf el lank en vyf el breed en drie el hoog. Die altaar moet vier hoeke hê,

2en daar moet horings wees op die vier hoeke. Die altaar en die horings moet vas aan mekaar wees. Julle moet dit met brons oortrek.

3Julle moet potte maak vir die as, en ook grawe, bakke, vurke en emmers vir die kole. Julle moet dit alles van brons maak.

4Julle moet tralies van brons rondom die altaar maak, en julle moet vier brons ringe daaraan vassit, ’n ring aan elke hoek.

5Die tralies moet so hoog wees soos die helfte van die altaar.

6Julle moet dra-pale maak van doringhout en julle moet die pale oortrek met brons.

© Bible Society of South Africa.

7Dan moet julle die dra-pale deur die ringe steek sodat die pale langs twee kante van die altaar is. Dan kan julle die altaar dra.

8Julle moet die altaar van planke maak, dit moet soos ’n kas wees. Julle moet dit maak soos Ek vir jou op die berg gewys het.”

Die oop stuk grond rondom die tempel-tent

9-11Die Here het vir Moses gesê: “Daar moet ’n oop stuk grond rondom die tempel-tent wees. Julle moet dit toemaak met gordyne van goeie linne-materiaal. Die oop stuk grond moet 100 el lank en 50 el breed wees. Aan elke lang kant moet die gordyne hang aan 20 pale met 20 voetstukke van brons. Daar moet hake en ringe van silwer wees.

12By die westekant moet die gordyne 50 el breed wees, en daar moet tien pale en tien voetstukke wees.

13-15By die voorkant, die oostekant, moet die gordyne aan elke kant van die ingang 15 el breed wees, en daar moet drie pale en drie voetstukke wees.

16By die ingang moet daar ’n gordyn wees, 20 el lank. Julle moet die gordyn maak van blou, pers en rooi wol-materiaal en van goeie linne-materiaal. Hierdie gordyn moet hang aan vier pale op vier voetstukke.

17Julle moet al die pale en hulle hake van silwer maak, en die voetstukke van brons.

18Die oop stuk grond moet 100 el lank en 50 el breed wees, en die gordyne moet vyf el hoog wees. Julle moet die gordyne maak van goeie linne-materiaal en die voetstukke van brons.

19Julle moet al die gereedskap vir die werk in die tempel-tent en al die tentpenne van brons maak.”

Olyf-olie vir die lamp

20“Sê vir die Israeliete hulle moet vir jou skoon olyf-olie bring. Julle moet die olyf-olie in die lampe gooi, sodat daar altyd ’n lig is wat brand in die tempel-tent.

21Die kis waarin die tien gebooie moet kom, moet agter die gordyn wees, en die lampe moet voor die gordyn brand, in die tent waar Ek aan julle sal verskyn. Aäron en sy seuns moet die lampe altyd voor die Here laat brand, van die aand tot die volgende oggend. Die priesters moet die lampe altyd laat brand vir julle en julle nageslag.”

Eksodus 28

Die priester se klere

1Die Here het vir Moses gesê: “Sê vir jou broer Aäron en sy seuns Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar hulle moet na jou toe kom. Ek het hulle gekies om priesters vir My te wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Julle moet vir jou broer Aäron gewyde klere maak. Hierdie klere moet wys dat hy ’n priester is en dit moet mooi wees.

3Julle moet ook praat met al die kleremakers. Ek het hulle vaardig gemaak sodat hulle goed kan werk. Hulle moet vir Aäron klere maak om hom te wy sodat hy ’n priester kan wees vir My.

4Dit is die klere wat hulle vir hom moet maak: ’n borssak, ’n skouer-kleed, ’n oorkleed, ’n rok met ’n soom, ’n tulband en ’n skouer-serp. Hulle moet hierdie gewyde klere maak vir jou broer Aäron en vir sy seuns sodat hulle priesters kan wees vir My.”

Die skouer-kleed

5Die Here het vir Moses gesê: “Die kleremakers moet goud gebruik, en blou, pers en rooi wol-materiaal en linne-materiaal.

6Hulle moet die skouer-kleed daarvan maak.

7Daar moet twee skouerbande wees aan die punte van die skouer-kleed sodat hulle die skouer-kleed daarmee kan vasmaak.

8Die skouer-kleed moet ook ’n belt hê om dit om die priester se middellyf vas te maak. Hulle moet die belt van dieselfde materiaal maak, van goud, van blou, pers en rooi wol-materiaal en van goeie linne-materiaal.

9Julle moet oniks neem en julle moet die name van Jakob se seuns daarop skryf.

10Skryf ses name op een klip en die ses ander name op ’n ander klip. Skryf die oudste seun se naam eerste, daarna die ander name tot by die jongste seun.

11’n Ambagsman wat mooi op ringe kan skryf, moet die name van Jakob se seuns op die klip skryf. Dan moet julle die twee klippe vassit in goud

12en julle moet dit vaswerk aan die skouerbande van die skouer-kleed. Hierdie klippe sal My laat dink aan die seuns van Jakob. Wanneer Aäron voor My staan, dan sal hy hulle name op sy skouers dra om My te laat dink aan die twaalf stamme van Israel.

13Julle moet die klippe vassit in goud

14en julle moet twee kettinkies van skoon goud vir hulle maak. Julle moet die kettinkies draai soos ’n tou, en die gedraaide kettinkies vassit aan die goud waarin die klippe is.”

Die borssak

15Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet ’n borssak vir Aäron maak. Hy moet dit dra wanneer hy sê wat Ek wil hê julle moet doen. Julle moet dit maak soos die skouer-kleed. Julle moet die borssak maak van goud, van blou, rooi en bloedrooi wol-materiaal en van goeie linne-materiaal.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Die borssak moet vierkantig wees, ’n halwe el lank en ’n halwe el breed. Julle moet dit dubbel vou

17en julle moet vier rye edelstene daarop vassit: ’n karneool, ’n topaas en ’n smarag in die eerste ry;

18in die tweede ry ’n turkoois, ’n saffier en ’n jaspis;

19in die derde ry ’n hiasint, ’n agaat en ’n ametis;

20en in die vierde ry ’n chrisoliet, ’n oniks en ’n opaal. Julle moet al die edelstene vassit in goud.

21Daar moet twaalf edelstene wees, een edelsteen vir elke seun van Jakob. Dit is ook die name van die twaalf stamme van Israel. Julle moet op elke edelsteen een van die name skryf, soos julle ’n naam op ’n ring skryf.

22Julle moet vir die borssak kettinkies van skoon goud maak, julle moet die kettinkies draai soos ’n tou.

23Maak ook twee goue ringe en sit dit vas aan die boonste twee hoeke van die borssak.

24Maak dan die twee goue kettinkies aan die ringe vas.

25Die ander twee punte van die kettinkies moet julle vaswerk aan die goud in die skouerbande, aan die voorkant van die skouer-kleed.

26Julle moet ook twee goue ringe maak en julle moet dit vaswerk aan die onderste twee hoeke van die borssak, aan die binnekant van die skouer-kleed.

27Julle moet nog twee goue ringe maak en julle moet dit vassit voor aan die twee skouerbande van die skouer-kleed, net bokant die belt.

28Dan moet julle ’n blou woldraad neem en julle moet die ringe van die borssak vasbind aan die ringe van die skouer-kleed. Dan sal die borssak vas wees aan die skouer-kleed.

29Aäron moet die name van die stamme van die Israeliete in die borssak teen sy hart dra wanneer hy in die tempel ingaan. So sal Aäron die Here altyd aan sy volk laat dink.

30Julle moet ook die urim en die tummim in die borssak sit. Dit moet teen Aäron se hart wees wanneer hy ingaan na My toe. Aäron moet altyd die borssak teen sy hart dra wanneer hy na My toe kom om te hoor wat hy moet sê.”

Die oorkleed

31Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet ’n oorkleed maak wat die priester saam met die skouer-kleed moet dra. Julle moet dit van een stuk blou wol-materiaal maak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

32In die middel van die oorkleed moet ’n gat wees waar die priester se kop kan deurgaan. Daar moet ’n sterk rand rondom die gat wees sodat dit nie kan skeur nie.

33Julle moet granate maak van blou, pers en bloedrooi wol-materiaal en julle moet dit vaswerk op die soom van die oorkleed. Langs elke granaat moet ’n goue klokkie wees.

34Werk ’n goue klokkie vas langs elke granaat op die soom van die oorkleed.

35Aäron moet die oorkleed dra wanneer hy in die tempel werk. Almal sal dan die klokkies hoor lui wanneer hy in die tempel ingaan om na My toe te kom en wanneer hy weer uitgaan. As julle dit doen, dan sal Aäron nie sterf nie.”

Die tulband

36Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet ’n blom van skoon goud maak en julle moet daarop skryf soos ’n mens op ’n ring skryf: ‘ Gewy aan die Here.’

37Julle moet die blom met ’n blou woldraad vasmaak voor aan die tulband.

38Die blom moet op Aäron se voorkop wees. Die blom sal wys dit is Aäron wat moet seker maak dat die priesters die Israeliete se gewyde presente reg gebruik. Die blom moet altyd op Aäron se voorkop wees, dan sal die Here die presente aanvaar.”

Die rok

39Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet vir Aäron ’n rok en ’n tulband van linne-materiaal maak en julle moet ’n skouer-serp maak en daarop borduur.

40Julle moet vir Aäron se seuns ook rokke en skouer-serpe en kopdoeke maak. Hierdie klere moet mooi wees en dit moet wys hulle is priesters.

41Jou broer Aäron en sy seuns moet hierdie klere aantrek, en jy moet hulle salf en wy sodat hulle priesters kan wees vir My.”

Die priesters moet broeke dra

42Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet vir Aäron en sy seuns broeke van linne-materiaal maak sodat die mense nie hulle kaal liggame onder hulle klere kan sien nie. Die broeke moet hulle toemaak van hulle heupe tot by hulle bo-bene.

43Aäron en sy seuns moet die broeke aantrek wanneer hulle ingaan in die tent waar Ek aan julle verskyn, of wanneer hulle nader gaan na die altaar om in die tempel te werk. As hulle nie die broeke aantrek nie, dan is dit sonde, en dan sal hulle sterf. Aäron en sy nageslag moet altyd gehoorsaam wees aan hierdie wet.”

Eksodus 29

Julle moet Aäron en sy seuns wy aan die Here

1Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet Aäron en sy seuns aan My wy sodat hulle my priesters kan wees. Julle moet ’n bul en twee skaap-ramme neem wat gesond is. Daar moet niks verkeerd wees met hulle nie.

© Bible Society of South Africa.

2Neem die beste koringmeel en maak ongesuurde brood, rondebrood en roosterkoeke. Julle moet olyf-olie meng met die deeg van die rondebrood en julle moet olyf-olie aan die roosterkoeke smeer.

3Sit dit alles in een mandjie en offer dit saam met die bul en die twee ramme.

4Bring vir Aäron en sy seuns na die ingang van die tent waar Ek aan julle verskyn en was hulle dan met water.

5Neem die priester-klere en trek dit vir Aäron aan: die rok, die skouer-kleed, die oorkleed wat hy saam met die skouer-kleed moet dra, en die borssak. Maak die skouer-kleed vas met die belt.

6Sit die tulband om sy kop en sit die gewyde kroon op die tulband.

7Gooi dan olyf-olie op sy kop uit en salf hom.

8Julle moet sy seuns ook so wy en julle moet vir hulle ook priester-klere aantrek.

9Julle moet die skouer-serpe en die kopdoeke vir Aäron en sy seuns opsit. Hulle moet altyd priesters wees. Dit moet julle doen om Aäron en sy seuns te wy sodat hulle my priesters kan wees.

10Dan moet julle die bul bring tot voor die tent waar Ek aan julle verskyn. Aäron en sy seuns moet hulle hande op die bul se kop sit,

11en julle moet die bul slag hier by My, by die ingang van die tent waar Ek aan julle verskyn.

12Neem ’n bietjie van die bul se bloed en smeer dit met jou vingers aan die horings van die altaar. Gooi dan al die bloed uit teen die voet van die altaar.

13Julle moet al die vet wat aan die bul se binnegoed is, op die altaar verbrand, en ook die onderste punt van die lewer, en die niere en die vet wat daaraan is.

14Julle moet die bul se vleis verbrand buite die kamp. Verbrand dit saam met die vel en die gras wat in die pens is. Dit is ’n sonde-offer.”

Die eerste ram

15Die Here het vir Moses gesê: “Julle moet een skaap-ram neem, en dan moet Aäron en sy seuns hulle hande op die ram se kop sit.

16Slag dan die ram en spat van sy bloed op die altaar.

17Julle moet die ram in stukke sny. Was die binnegoed en die pote en sit dit alles by die stukke vleis en die kop.

18Verbrand dan alles op die altaar. Dit is ’n brand-offer, ’n vuur-offer. Ek hou daarvan.”

Die tweede ram

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19“Aäron en sy seuns moet dan hulle hande op die ander ram se kop sit.

20Slag die ram en neem ’n bietjie van sy bloed. Smeer dit aan Aäron en sy seuns se regter-ore, aan hulle regter-duime en aan hulle regter-groottone. Spat van die bloed op die altaar.

21Neem ’n bietjie van die bloed wat op die altaar is, en van die salf-olie, en spat dit op Aäron en op sy klere. Spat ook daarvan op sy seuns en op hulle klere. Dan sal Aäron en sy seuns en hulle klere gewy wees.

22Neem die vet en die stertvet van die ram, die vet wat aan die ram se binnegoed is, en ook die onderste punt van die lewer, en die twee niere en die vet wat daaraan is, en die regter-boud.

23Neem ook een rondebrood, een oliekoek en een roosterkoek uit die mandjie waarin die ongesuurde brood is wat julle gebring het om vir My te offer.

24Sit dit alles op die hande van Aäron en sy seuns. Hulle moet dit heen en weer beweeg voor My. Dit is ’n beweeg-offer.

25Neem dit dan uit hulle hande en verbrand dit op die altaar saam met die brand-offer. Dit is ’n vuur-offer, Ek hou daarvan.”

26-27Die Here het vir Moses gesê: “Neem dan die bors van die skaap-ram wat julle geslag het om Aäron te wy, en beweeg dit voor My. Dit is ’n beweeg-offer. Julle moet die bors van die beweeg-offer vir Aäron en sy seuns gee om te eet, en ook die boud wat julle vir My present gegee het.

28Die Israeliete moet altyd vir Aäron en sy seuns hierdie dele van hulle ete-offers gee. Dit is hulle present vir die Here.”

29“Wanneer Aäron sterf, dan moet julle sy gewyde klere neem en vir sy seun aantrek. Julle moet hom salf en hom in Aäron se plek wy sodat hy die priester kan wees.

30Aäron se seun wat ná hom die priester word, moet die klere sewe dae lank dra wanneer hy kom werk in die tent waar Ek aan julle verskyn.

31Julle moet al die vleis neem wat oorgebly het van die skaap-ram waarmee julle Aäron en sy seuns gewy het. Kook dit op ’n gewyde plek.

32Aäron en sy seuns moet die ram se vleis en die brood wat in die mandjie is, eet by die ingang van die tent waar Ek aan julle verskyn.

33Hulle moet dit eet, want toe hulle priesters geword het, het hierdie offers versoening gebring vir hulle. Iemand wat nie ’n priester is nie, mag nie daarvan eet nie, want dit is gewyde kos.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34As daar die volgende oggend van die vleis en van die brood oor is, dan moet julle dit verbrand. Julle mag dit nie eet nie, want dit is gewyde kos.

35Alles wat Ek vir jou gesê het, moet julle doen met Aäron en sy seuns. Julle moet hulle sewe dae lank wy."

Moses moet die altaar wy

36"Julle moet elke dag 'n bul op die altaar offer. Dit is 'n sonde-offer en dit sal die altaar reinig. Julle moet ook die altaar salf om dit te wy.

37Julle moet sewe dae lank die versoening-offer bring om die altaar te wy. Dan sal die altaar hoog-gewy wees. As iets dan aan die altaar raak, dan sal dit ook gewy wees."

Offers vir elke dag

38Die Here het vir Moses gesê: "Julle moet elke dag twee lammers op die altaar offer. Die lammers moet een jaar oud wees.

39Julle moet een lam in die oggend offer en een lam in die aand.

40Saam met die eerste lam moet julle 'n issaron van die beste meel offer. Meng dit eers met 'n kwart hin skoon olyf-olie en 'n kwart hin wyn.

41Julle moet die tweede lam offer wanneer dit aand word en julle moet ook meel, olyf-olie en wyn saam met die lam offer. Ek hou daarvan, dit is 'n vuur-offer.

42Julle nageslag moet altyd so 'n brand-offer vir My bring by die ingang van die tent waar Ek aan julle verskyn en met julle praat.

43Ek sal daar aan die Israeliete verskyn en Ek sal die plek wy wanneer Ek, die Koning, verskyn.

44Ek sal die tent wy waar Ek aan julle verskyn en ook die altaar. Ek sal ook vir Aäron en sy seuns wy sodat hulle my priesters kan wees.

45Ek sal tussen die Israeliete woon en Ek sal hulle God wees.

46Hulle sal dan besef dat Ek hulle God die Here is wat hulle vry uit Egipte laat weggaan het sodat Ek tussen hulle kan woon. Ek is hulle God die Here."

Eksodus 30

Moses moet 'n wierook-altaar maak

1Die Here het vir Moses gesê: "Julle moet 'n altaar maak om wierook op te brand. Julle moet dit van doringhout maak.

2Die altaar moet vierkantig wees, een el lank en een el breed en twee el hoog. Daar moet horings aan die altaar wees en julle moet die horings en die altaar van een stuk hout maak.

© Bible Society of South Africa.

3Julle moet die altaar oortrek met skoon goud, die bokant van die altaar, die kante
rondom die altaar, en die horings. Julle moet ’n goue rand rondom die altaar maak.

4Maak twee goue ringe vas onder aan die rand aan elke kant van die altaar. Dan kan
julle die dra-pale deur die ringe steek om die altaar te dra.

5Julle moet die dra-pale van doringhout maak en julle moet hulle oortrek met goud.

6Julle moet die altaar neersit voor die gordyn wat hang voor die kis waarin die
tien gebooie moet kom. Sit dit neer voor die deksel van die kis waar Ek altyd aan
julle sal verskyn.

7Aäron moet elke oggend wierook op die altaar brand, Ek hou daarvan. Hy moet dit
doen wanneer hy die lampe skoonmaak.

8Aäron moet ook elke aand wanneer hy die lampe aansteek, wierook op die altaar
brand. Julle en julle nageslag moet altyd vir My ’n wierook-offer bring.

9Op hierdie altaar mag julle net wierook brand wat reg is vir My. Julle mag
nie brand-offers of koring-offers op hierdie altaar brand nie, en julle mag ook nie
’n drank-offer daarop uitgooi nie.

10Aäron moet een maal elke jaar ’n spesiale offer vir My bring om te vra dat Ek julle
nageslag se sondes moet vergewe. Hy moet dan ’n bietjie bloed neem van die dier
wat hy offer vir die sonde van die volk. Hy moet dit smeer aan die horings van die
altaar. Die altaar is hoog-gewy aan My.”

Elkeen moet ’n offer vir die Here gee

11Die Here het vir Moses gesê:

12“Wanneer julle die Israeliete tel, dan moet elkeen ’n offer vir die Here gee. Dan sal
Ek hulle nie siek maak en hulle laat sterf wanneer julle hulle tel nie.

13Elkeen vir wie julle tel, moet ’n halwe tempel-sikkel silwer gee. Dit is ’n present vir
My.

14Julle moet almal tel wat 20 jaar oud en ouer is, en hulle elkeen moet vir My ’n
present gee.

15Die ryk mense moenie meer as ’n halwe tempel-sikkel silwer gee nie, en die arm
mense moenie minder gee nie. Dan sal Ek hulle sonde vergewe.

16Julle moet hierdie geld neem wat die Israeliete gegee het omdat Ek hulle sonde
vergewe het, en julle moet dit vir die priesters gee. Die priesters moet dit gebruik vir
die werk in die tent waar Ek aan julle verskyn. Dan sal Ek aan julle dink en julle sonde
vergewe.”

Moses moet ’n was-skottel maak

17Die Here het vir Moses gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18"Julle moet 'n was-skottel maak om in te was en 'n voetstuk van brons. Sit dit neer tussen die tent waar Ek aan julle verskyn en die altaar. Gooi water daarin

19sodat Aäron en sy seuns hulle hande en voete kan was.

20Wanneer hulle kom na die tent waar Ek aan julle verskyn, dan moet hulle eers met hierdie water was. Dan sal hulle nie sterf nie. Hulle moet ook was wanneer hulle na die altaar gaan om te werk of om 'n vuur-offer vir My te brand.

21Hulle moet hulle hande en voete was. Dan sal hulle nie sterf nie. Hulle moet dit altyd doen, hulle en hulle nageslag."

Moses moet salf-olie maak

22Die Here het vir Moses gesê:

23"Neem van die beste speserye: 500 tempel-sikkels mirre, 250 tempel-sikkels kaneel, 250 tempel-sikkels kalmoes,

24500 tempel-sikkels kassie en 'n hin olyf-olie.

25Meng dit en maak gewyde salf-olie daarvan. Jy moet dit maak soos 'n ambagsman salf maak. Ek hou daarvan.

26Julle moet die tent salf waar Ek aan julle verskyn, en julle moet die kis salf waarin die tien gebooie moet kom.

27Julle moet ook die tafel salf en alles wat by die tafel moet wees, die lampstaander en alles wat by die lampstaander moet wees. Julle moet die wierook-altaar ook salf.

28Salf ook die brandoffer-altaar en alles wat by die brandoffer-altaar moet wees, ook die was-skottel en sy voetstuk.

29So moet julle dit alles wy sodat dit hoog-gewy sal wees. Alles wat aan die gewyde goed raak, sal ook gewy wees.

30Julle moet vir Aäron en sy seuns salf en hulle wy om priesters te wees vir My.

31Sê vir die Israeliete hierdie olyf-olie moet gewyde salf-olie wees vir hulle nageslag.

32Hulle mag dit nie op 'n mens se liggaam uitgooi nie, en julle mag nie ander olyf-olie maak wat soos hierdie olyf-olie is nie. Hierdie is gewyde olyf-olie en dit moet altyd gewy wees.

33As iemand olyf-olie soos hierdie aanmaak of hy gee daarvan vir iemand wat nie 'n priester is nie, dan moet julle hom afsny van sy volk."

Moses moet wierook maak

34Die Here het vir Moses gesê: "Neem ewe veel van die volgende speserye: terpentynboom-gom, naeltjies, vinkelboom-gom, en skoon wierook.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

35Maak daarvan goeie wierook, Ek hou daarvan. Maak die wierook soos ’n ambagsman salf maak. Gooi sout daarop en wy dit aan My.

36Maak ’n poeier daarvan en sit dit voor die kis waarin die tien gebooie moet kom, in die tent waar Ek aan julle verskyn. Dit moet hoog-gewy wees aan My.

37Julle mag nie wierook soos hierdie vir julleself maak nie. Hierdie wierook moet gewy wees aan My.

38As iemand vir homself wierook soos hierdie maak om te ruik, dan moet julle hom van sy volk afsny.”

Eksodus 31

Die Here kies vir Besaleël en Oholiab om die werk te doen

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Ek het vir Besaleël gekies om die werk te doen. Hy is die seun van Uri, en Uri is die seun van Gur. Besaleël is van die Juda-stam.

3Ek het vir Besaleël wysheid en ’n goeie verstand gegee sodat hy baie soorte werk goed kan doen.

4Hy kan planne teken en dinge maak van goud en silwer en brons.

5Hy kan juwele maak van edelstene en hy kan houtwerk doen. Hy kan baie soorte werk doen.

6Ek het vir Oholiab gekies om hom te help. Hy is die seun van Agisamak van die Dan-stam. Ek het ook al die ander ambagsmanne vaardig gemaak, sodat hulle alles kan doen wat Ek vir julle sê.

7Hulle moet die tent maak waar Ek aan julle sal verskyn, die kis waarin die tien gebooie moet kom en die deksel wat daarop moet kom, en alles wat by die tent moet wees.

8Hulle moet ook die tafel maak en alles wat by die tafel moet wees, die lampstaander van skoon goud en alles wat daarby moet wees, die wierook-altaar,

9die brandoffer-altaar en alles wat daarby moet wees, die was-skottel en sy voetstuk,

10die gewyde klere vir die priester Aäron, en die priester-klere wat sy seuns moet aantrek.

11Hulle moet ook die salf-olie en die wierook vir die tempel maak. Ek hou daarvan. Hulle moet dit alles maak soos Ek vir jou gesê het.”

Die Sabbatdag

12Die Here het vir Moses gesê:

© Bible Society of South Africa.

13“Sê vir die Israeliete: ‘Julle moet altyd die Sabbatdag vier. Julle moet dit doen, want dit sal ’n bewys wees van die verbond tussen My en julle. As julle nageslag sien julle doen dit, dan sal hulle weet dat Ek die Here is wat julle gekies het om aan My te behoort.

14Daarom moet julle die Sabbatdag vier. Dit moet vir julle ’n gewyde dag wees. As iemand die Sabbatdag ontwy, dan moet julle hom doodmaak. Ja, julle moet elkeen wat op die Sabbatdag werk, afsny van sy volk.

15Julle moet ses dae werk, maar die sewende dag is die Sabbatdag. Dit is ’n dag wanneer julle heeltemal moet rus, want hierdie dag is gewy aan My. Julle moet elkeen doodmaak wat op die Sabbatdag werk.

16Die Israeliete moet op die Sabbatdag doen wat Ek gesê het. Julle nageslag moet ook altyd die Sabbatdag vier.

17Dit sal altyd ’n bewys wees van die verbond tussen My en die Israeliete. Ek het die hemel en die aarde in ses dae gemaak, maar op die sewende dag het Ek nie gewerk nie. Ek het toe gerus.’ ”

18Toe die Here klaar met Moses gepraat het op Sinai-berg, het Hy vir Moses die twee klippe gegee waarop Hy die tien gebooie geskryf het. Dit was plat klippe, en God het die tien gebooie met sy vinger daarop geskryf.

Eksodus 32

Die Israeliete aanbid die beeld van ’n bul-kalf

1Die Israeliete het gesien Moses bly baie lank op die berg. Hulle het by Aäron bymekaargekom en vir hom gesê: “Kom, maak vir ons ’n god wat vir ons kan wys waarnatoe ons moet gaan. Hierdie man Moses het ons uit Egipte gebring, maar ons weet nie waar hy nou is nie.”

2Aäron sê toe vir hulle: “Haal af die goue ringe wat aan julle vroue, julle seuns en julle dogters se ore is. Bring dit alles vir my.”

3Toe haal al die mense die goue ringe van hulle ore af en hulle bring dit vir Aäron.

4Hy het dit geneem en gesmelt. Hy het ’n beeld van ’n bul-kalf daarvan gemaak. Toe sê die Israeliete: “Hierdie is ons god, hy het ons uit Egipte gebring.”

5Toe Aäron dit sien, het hy ’n altaar voor die beeld gebou en gesê: “Môre vier ons ’n fees vir die Here.”

6Hulle het vroeg die volgende oggend opgestaan en hulle het brand-offers en ete-offers na die altaar gebring. Die Israeliete het gaan sit om te eet en hulle het wyn gedrink. Daarna het hulle opgestaan en wild feesgevier.

Die Here wil al die Israeliete doodmaak

© Bible Society of South Africa.

7Die Here het vir Moses gesê: “Gaan af van die berg en gaan na jou volk toe wat jy uit
Egipte gebring het. Hulle het groot sonde gedoen.

8Hulle het gou vergeet wat Ek vir hulle gesê het. Hulle het vir hulle ’n beeld van ’n
bul-kalf gemaak en hulle het voor die beeld gebuig. Hulle het vir hom offers gebring
en gesê: ‘Israeliete, hier is julle god, hy het julle uit Egipte gebring.’ ”

9Die Here het vir Moses gesê: “Ek het na hierdie volk gekyk, en Ek het gesien hulle is
baie hardkoppig.

10Moenie probeer om My te keer nie. Ek is baie kwaad vir hulle en Ek wil hulle almal
doodmaak. Dan sal Ek jou nageslag ’n groot volk maak.”

Moses vra die Here om nie die Israeliete dood te maak nie

11Moses het mooi gepraat met sy God die Here en Moses het Hom gesoebat om sy
plan te verander. Hy het gesê: “Here, hoekom is U kwaad vir u volk? U het hulle uit
Egipte gebring. U het hulle met u groot krag vrygemaak.

12As U hulle nou doodmaak, dan sal die Egiptenaars sê: ‘Die Here het die Israeliete
gered, maar Hy het ’n skelm plan gehad. Hy wou hulle doodmaak in die berge en Hy
wou hulle almal heeltemal wegvee van die aarde af.’ Here, moenie kwaad wees vir u
volk nie. Verander asseblief u planne en moenie hulle doodmaak nie.

13U moet onthou wat U self belowe het vir u dienaars Abraham en Isak en Jakob. U
het vir hulle gesê: ‘Ek sal julle nageslag so baie maak soos die sterre in die lug. Ek sal
hierdie hele land vir julle nageslag gee, en dit sal altyd aan hulle behoort.’ Here, U
was self die getuie toe U dit vir hulle belowe het.”

Die Here verander sy plan

14Die Here het sy plan verander en Hy het besluit om nie sy volk te straf nie.

15Moses het omgedraai en afgekom van die berg. In sy hande was die twee plat
klippe waarop die tien gebooie was. Die Here het op altwee kante van die klippe
geskryf, op die voorkant en op die agterkant.

16Dit was God se werk, God het self die plat klippe gemaak en Hy het self die woorde
daarop geskryf.

Moses kom terug

17Josua het gehoor hoe die Israeliete skree en raas en hy het vir Moses gesê: “Daar is
oorlog in die kamp!”

18Maar Moses het gesê: “Hulle skree nie soos mense wat gewen het in die oorlog
nie. Hulle huil ook nie soos mense wat verloor het nie. Ek hoor hulle sing.”

19Toe Moses naby die kamp kom, het hy die beeld van die bul-kalf gesien en die
Israeliete wat dans. Hy het toe baie kwaad geword en hy het die twee plat klippe
stukkend gegooi. Die klippe het onder teen die berg geval en gebreek.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Moses het die bul-kalf geneem wat die Israeliete gemaak het en hy het dit verbrand. Toe het hy dit fyngemaal soos poeier en hy het dit in die water gegooi. Hy het gesê die Israeliete moet die water drink.

21Moses het vir Aäron gesê: “Hierdie mense het niks verkeerd aan jou gedoen nie. Hoekom het jy hulle verlei om so ’n groot sonde te doen?”

22Aäron antwoord toe: “Meneer, moenie kwaad wees vir my nie. Jy weet self hierdie volk wil altyd verkeerde dinge doen.

23Hulle het vir my gesê: ‘Maak vir ons ’n god wat vir ons kan wys waarnatoe ons moet gaan. Hierdie man Moses het vir ons uit Egipte gebring, maar ons weet nie waar hy nou is nie.’

24Ek het toe vir hulle gesê almal wat goue ringe het, moet dit afhaal en vir my gee. Ek het die goue ringe in die vuur gegooi en hierdie bul-kalf het daaruit gekom.”

Moses straf die volk

25Moses het gesien die volk het wild geword en verkeerd gedoen. Hy het ook gesien dit was Aäron se skuld. Hy het geweet hulle vyande sal hulle spot.

26Toe het Moses by die ingang van die kamp gaan staan en gesê: “Almal wat vir die Here iets wil doen, kom hier na my toe!” Al die Leviete het toe by Moses kom staan.

27Hy het vir hulle gesê die Here, die God van die Israeliete, sê: “Elkeen moet sy swaard neem en deur die hele kamp gaan. Maak dood die mense, ook jou broer, jou vriend of jou buurman.”

28Die Leviete het gedoen wat Moses gesê het. Hulle het daardie dag omtrent 3 000 mans doodgemaak.

29Moses het vir die Leviete gesê: “Julle het julleself vandag aan die Here gewy om vir Hom te werk. Julle het julle eie seuns en broers doodgemaak. Daarom seën die Here julle vandag en maak Hy julle sy priesters.”

Moses vra die Here om die volk se sonde te vergewe

30Die volgende oggend het Moses vir die volk gesê: “Julle het sonde gedoen, ’n baie groot sonde. Maar ek sal nou na die Here toe gaan en met Hom gaan praat. Miskien sal Hy julle sonde vergewe.”

31Moses het toe teruggegaan na die Here toe en gesê: “Ag, Here, die volk het sonde gedoen, ’n baie groot sonde. Hulle het vir hulle ’n god van goud gemaak.

32Maar nou, vergewe asseblief hulle sonde. As U dit nie wil doen nie, dan moet U my naam uitvee uit die boek wat U geskryf het.”

33Die Here het vir Moses gesê: “Nee, die mense wat teen My gesondig het, dit is húlle name wat Ek sal uitvee uit my boek.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34Gaan nou, neem die Israeliete na die plek wat Ek vir jou gesê het. My engel sal vir jou wys waarnatoe julle moet gaan. Maar wanneer Ek so besluit, dan sal Ek hulle straf oor hulle sonde."

35Die Here het die volk swaar gestraf omdat hulle die bul-kalf aanbid het wat Aäron gemaak het.

Eksodus 33

Die Here wil nie verder saam met die Israeliete gaan nie

1Die Here het vir Moses gesê: "Gaan nou hier weg, jy en die volk wat jy uit Egipte gebring het. Gaan na die land wat Ek vir Abraham, vir Isak en vir Jakob belowe het toe Ek gesê het: 'Ek sal dit vir julle nageslag gee.'

2"Ek sal 'n engel voor julle stuur en Ek sal die Kanaäniete, die Amoriete, die Hetiete, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete wegjaag uit die land.

3Julle moet gaan na daardie land waar daar baie melk en heuning is. Maar Ek sal nie saam met julle gaan nie, want julle is hardkoppig. Miskien sal Ek julle dan doodmaak voordat julle daar kom."

4Toe die Israeliete hoor wat die Here sê, was hulle hartseer en hulle het nie meer hulle juwele gedra nie.

5Die Here het vir Moses gesê: "Sê vir die Israeliete: 'Julle is 'n hardkoppige volk. As Ek saam met julle gaan, dan sal Ek julle dadelik doodmaak. Haal af al julle juwele. Ek sal besluit wat Ek met julle sal doen.' "

6Die Israeliete het van toe af nie meer hulle juwele gedra nie. Dit was toe hulle weggegaan het van Sinai-berg.

Moses praat met die Here

7Moses het 'n tent geneem en hy het dit opgeslaan buite die kamp, ver van die kamp. Hy het dit genoem "die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn," want dit is waar die Here altyd aan hulle verskyn het. Wanneer iemand wou weet wat die Here sê, dan het hy gegaan na die tent waar die Here aan hulle verskyn het, die tent wat buite die kamp was.

8Wanneer Moses na die tent gegaan het, dan het al die mense opgestaan. Elkeen het by die ingang van sy tent gaan staan en na Moses gekyk totdat hy in die tent ingegaan het.

9Wanneer Moses by die tent gekom het, dan het 'n wolk afgekom en by die ingang van die tent gebly. Dan het die Here met Moses gepraat.

10En wanneer al die mense die wolk by die ingang van die tent gesien het, dan het hulle almal opgestaan en elkeen het by die ingang van sy tent gebuig.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Die Here het met Moses gepraat soos ’n man met sy vriend praat. Daarna het Moses teruggegaan na die kamp, maar sy helper, die jongman Josua, het nie weggegaan van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn nie. Josua was die seun van Nun.

Moses vra hy wil die Here sien

12Moses het vir die Here gesê: “U sê vir my ek moet die volk wegneem, maar U sê nie vir my wie U saam met my sal stuur nie. U het gesê: ‘Ek ken jou, Ek is tevrede met jou.’

13Daarom vra ek nou, as U regtig tevrede is met my, sê vir my wat U wil doen, sodat ek U ook kan ken, en kan weet U is tevrede met my. Onthou, hierdie volk is u eie volk.”

14Die Here het gevra: “Moet Ek self saamgaan en jou na die land bring?”

15Moses het vir Hom gesê: “As U nie self met ons saamgaan nie, dan moet U ons nie laat weggaan van hier nie.

16Hoe sal ons weet dat U tevrede is met ons, met my en met u volk, as U nie met ons saamgaan nie? Ek en u volk sal weet ons is anders as al die volke op die aarde as U self saam met ons gaan.”

17Die Here het vir Moses gesê: “Ook dít wat jy nou gevra het, sal Ek doen, want Ek is tevrede met jou en Ek ken jou.”

18Toe sê Moses: “Ek wil U asseblief sien wanneer U, die Koning, verskyn.”

19Maar die Here het gesê: “Dit sal blink as Ek voor jou verbygaan en Ek sal my Naam ‘die Here’ hard sê sodat jy dit hoor. Ek besluit self vir wie Ek genadig en goed wil wees.

20Maar jy mag nie my gesig sien nie, want as iemand My sien, dan sal hy sterf.”

21Die Here het ook gesê: “Hier is ’n plek by My waar jy op ’n rots kan staan.

22Wanneer die lig verbykom, die lig wat om My, die Koning, is wanneer Ek verskyn, dan sal Ek jou in ’n skeur in die rots sit en jou met my hand toemaak totdat Ek verby is.

23Dan sal Ek my hand wegneem, en jy sal my rug sien, maar nie my gesig nie. Niemand mag my gesig sien nie.”

Eksodus 34

Die Here praat weer met Moses

© Bible Society of South Africa.

[1]Die Here het vir Moses gesê: “Kap twee plat klippe soos die twee klippe wat jy stukkend gegooi het. Dan sal Ek op hierdie klippe dieselfde woorde skryf wat Ek op die eerste twee klippe geskryf het.

[2]Jy moet môre-oggend gereed wees. Gaan dan teen Sinai-berg op en gaan wag daar bo-op die berg vir My.

[3]Maar niemand mag saam met jou opklim nie. Daar mag niemand op die berg wees nie. Die bokke en skape en beeste mag ook nie naby hierdie berg wei nie.”

[4]Moses het toe twee plat klippe gekap wat soos die eerste twee klippe gelyk het. Hy het vroeg die oggend opgestaan en teen Sinai-berg opgegaan soos die Here vir hom gesê het. Hy het die twee plat klippe saam met hom geneem.

[5]Die Here het toe in ’n wolk afgekom na die berg. Hy het by Moses gaan staan en Hy het sy Naam “die Here” hard gesê.

[6]Die Here het voor Moses verbygegaan en Hy het hard gesê: “Ek is die Here! Ek is ’n God wat goed is vir mense wat swaarkry en Ek is genadig. Ek is baie geduldig en vol liefde. Ek doen wat Ek belowe het.

[7]Ná 1 000 geslagte sal Ek nog altyd lief wees vir mense. Ek vergewe mense wanneer hulle verkeerd doen en opstandig is en sonde doen. Maar as Ek wil, dan sal Ek iemand straf wat skuldig is. As die pa verkeerd gedoen het, dan straf Ek ook sy kinders en kleinkinders en hulle kinders.”

[8]Moses het vinnig op die grond gekniel en hy het voor die Here gebuig.

[9]Hy het gesê: “Here, as U tevrede is met my, dan moet U asseblief saam met ons gaan. Hierdie volk is hardkoppig. Ons het verkeerd gedoen, ons het sonde gedoen. Vergewe ons asseblief. Laat ons weer u eie volk wees.”

Die Here maak ’n verbond en sê wat die volk moet doen

[10]Die Here het gesê: “Ek maak nou ’n verbond met julle. Al die Israeliete sal sien dat Ek wonderwerke doen. Niemand het al hierdie wonderwerke gedoen op die hele aarde nie, nie by een van die volke nie. Al die volke rondom julle sal sien wat Ek doen. Hulle sal bang word vir My en hulle sal My respekteer wanneer hulle sien wat Ek vir julle doen.

[11]Julle moet doen wat Ek vandag vir julle sê. Ek gaan nou die Amoriete en die Kanaäniete en die Hetiete en die Feresiete en die Hewiete en die Jebusiete voor julle wegjaag.

[12]Julle moenie ’n ooreenkoms maak met die mense van die land waarnatoe julle gaan nie. Dit sal vir julle baie groot probleme gee.

[13]Nee, julle moet hulle altare afbreek en julle moet hulle klip-pale stukkend breek en hulle gewyde pale afkap.

© Bible Society of South Africa.

14Julle mag nie voor ’n ander god buig nie, julle moet net vir My dien. Daarom noem
hulle My ‘die God wat wil hê die mense moet net vir Hom dien.’

15Julle mag nie ’n ooreenkoms maak met die mense wat in die land woon nie, want
wanneer hulle die ander gode dien en vir hulle gode offer, dan sal hulle miskien vir
julle ook uitnooi, en dan sal julle saam met hulle van daardie offers eet.

16Julle sal party van hulle dogters neem sodat julle seuns met hulle kan trou. Hulle
dogters sal ander gode dien en hulle sal julle seuns verlei sodat hulle ook ander gode
dien.

17Julle mag nie vir julle beelde van gode maak nie.”

Die Fees van die Ongesuurde Brood

18“Julle moet die Fees van die Ongesuurde Brood vier. Julle moet sewe dae
lank ongesuurde brood eet soos Ek vir julle gesê het. Julle moet altyd hierdie fees
vier op dieselfde dag van die maand Abib, want in die maand Abib het julle
weggegaan uit Egipte.”

Die oudste seun behoort aan die Here

19“Elke oudste seun wat gebore word, behoort aan My, en ook die oudste bul-
kalwers en ram-lammers.

20Maar ’n donkie se eerste hings-vul moet julle loskoop. Julle moet ’n lam gee in die
plek van die donkie. As julle nie die donkie-vul loskoop nie, dan moet julle sy nek
breek. Julle moet al julle oudste seuns loskoop.”

Offers en feeste

“Julle moet altyd ’n offer saambring wanneer julle na die tempel kom.

21“Julle moet ses dae lank werk, maar op die sewende dag moet julle rus. Julle moet
op hierdie dag rus, ook wanneer dit tyd is om te ploeg of te oes.

22“Julle moet die Fees van die Weke vier. Julle moet ’n fees vier wanneer julle die
ryp koring begin afsny, en julle moet ’n fees vier aan die einde van die jaar, wanneer
julle klaar gewerk het en alles op die lande afgesny het.

23Al die mans moet elke jaar drie maal na My toe kom om My te aanbid. Ek is die
Here, die God van die Israeliete.

24“Ek sal die ander volke voor julle wegjaag en Ek sal vir julle baie grond gee waar
julle kan woon. Niemand sal probeer om julle grond te vat wanneer julle elke jaar
drie maal gaan om julle God die Here te aanbid nie.

25“Wanneer julle ’n dier slag om vir My te offer, dan moet julle nie die bloed bring by
iets wat suurdeeg in het nie. Julle moet die Paasfees-offer op-eet. Moenie dit los tot
die volgende oggend nie.

26“Julle moet die beste van die eerste vrugte wat julle afpluk, bring na die huis van
julle God die Here. “Julle mag nie ’n bok-lam in sy ma se melk kook nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Die Here het vir Moses gesê: “Jy moet hierdie woorde neerskryf, want Ek het dit vir jou gesê toe Ek ’n verbond gemaak het met jou en met die Israeliete.”

Moses se gesig blink

28Moses was 40 dae en 40 nagte by die Here op die berg. Hy het nie geëet of gedrink nie. Die Here het op die plat klippe die woorde van die verbond geskryf. Dit was die tien gebooie.

29Moses het afgekom van Sinai-berg. Hy het die twee plat klippe in sy hande gedra. Die tien gebooie was op die klippe. Moses se gesig het geblink omdat God met hom gepraat het, maar Moses het dit nie geweet nie.

30Aäron en al die Israeliete het gesien dat Moses se gesig blink, en hulle was bang om naby hom te kom.

31Maar Moses het hulle geroep, en Aäron en al die leiers van die volk het na hom toe gekom. Moses het met hulle gepraat.

32Daarna het al die ander Israeliete ook nader gekom, en Moses het vir hulle alles gesê wat die Here met hom op Sinai-berg gepraat het.

33Toe Moses klaar met hulle gepraat het, het hy sy gesig toegemaak met ’n sluier.

34Maar elke maal wanneer Moses na die tent gegaan het om met die Here te praat, dan het hy die sluier afgehaal, totdat hy weer uitgekom het. Dan het hy vir die Israeliete vertel wat die Here vir hom gesê het.

35Die Israeliete het dan gesien dat Moses se gesig blink, en Moses het sy gesig met die sluier toegemaak totdat hy weer met die Here gaan praat.

Eksodus 35

Die Sabbatdag

1Moses het al die Israeliete bymekaargeroep en hy het vir hulle gesê: “Dit is wat die Here gesê het julle moet doen:

2Julle moet ses dae lank werk, maar die sewende dag moet vir julle ’n gewyde rusdag wees, ’n Sabbatdag vir die Here. As iemand op hierdie dag werk, dan moet julle hom doodmaak.

3Julle moenie by julle huise vuur maak op die Sabbatdag nie.”

Die Israeliete bring meer as wat nodig is vir die werk

4Moses het vir al die Israeliete gesê: “Die Here het gesê

5julle moet van julle goed neem en vir Hom ’n present gee. Elkeen wat graag iets wil gee, moet ’n present vir die Here bring: goud of silwer of brons,

6of blou en pers en rooi wol-materiaal, of linne-materiaal of bokhaar-materiaal,

© Bible Society of South Africa.

7of skaapvelle wat julle rooi gekleur het, of velle wat julle sag gemaak het, of doringhout,

8of olyf-olie vir die lampe, of balsem vir die salf-olie en vir die wierook. Ek hou daarvan.

9Of hulle moet oniks en ander edelstene bring om vas te sit op die priester se skouer-kleed en borssak.

10“Al die ambagsmanne moet kom en hulle moet alles maak wat die Here gesê het:

11die tempel-tent en die seil wat bo-oor kom, sy hakies en sy rame, sy dwarspale, sy pale en sy voetstukke,

12die kis, sy dra-pale, die deksel en die gordyn waaragter die kis staan,

13die tafel en sy dra-pale en alles wat by hom moet wees, die offer-brood,

14die lampstaander en alles wat by hom moet wees, sy lampe en die olyf-olie vir die lampe,

15die wierook-altaar en sy dra-pale, die salf-olie, die wierook en die gordyn in die ingang waar die mense by die tempel-tent ingaan,

16die brandoffer-altaar en die brons tralies wat rondom die altaar is, sy dra-pale en alles wat by hom moet wees, die was-skottel en sy voetstuk,

17die gordyne om die oop stuk grond, hulle pale en hulle voetstukke, en die gordyn in die ingang na die oop stuk grond,

18die penne vir die tempel-tent, die penne vir die oop stuk grond en hulle toue,

19die klere wat die priesters aantrek wanneer hulle in die tempel werk, die gewyde klere vir die priester Aäron, en sy seuns se klere wanneer hulle die priesters se werk moet doen.”

20Al die Israeliete het weggegaan van Moses,

21en elkeen wat graag iets wou gee, het ’n present vir die Here gebring. Dit was goed wat hulle kon gebruik om die tent en die gewyde klere te maak.

22Die mans en vroue wat graag iets wou gee, het borsspelde gebring, ook oor-ringe, armbande en nekringe, en baie soorte goue goed. Elkeen wat ’n beweeg-offer van goud vir die Here wou gee, het dit gebring.

23En elkeen wat blou, pers en rooi wol-materiaal en linne-materiaal en bokhaar-materiaal gehad het, het dit gebring, ook skaapvelle wat hulle rooi gekleur het en velle wat hulle sag gemaak het.

24Elkeen wat ’n present van silwer of brons wou gee, het dit vir die Here gebring, en elkeen wat doringhout by hom gehad het vir al die werk, het dit gebring.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Elke vrou wat netjies kon weef, het geweef, en sy het die goed gebring wat sy geweef het: blou, pers en rooi wol-materiaal, en linne-materiaal.

26Al die vroue wat dit graag wou doen, het baie mooi bokhaar-materiaal geweef.

27Die leiers het oniks en ander edelstene gebring om vas te sit op die priester se skouer-kleed en borssak.

28Hulle het speserye gebring en ook olyf-olie vir die lampe en vir die salf-olie, en speserye vir die wierook.

29Elke man en vrou wat graag iets wou bring vir die werk, het dit gebring. Dit was vir al die werk wat die Here vir Moses gesê het om te doen. Die Israeliete het die presente gebring omdat hulle dit graag wou gee.

Besaleël en Oholiab

30Moses het vir die Israeliete gesê: “Die Here het vir Besaleël gekies om die werk te doen. Besaleël is die seun van Uri, en Uri is die seun van Gur. Besaleël is van die Juda-stam.

31God het vir Besaleël wysheid en ’n goeie verstand gegee. Hy kan al die werk goed doen.

32Hy kan planne teken en dinge maak van goud, silwer en brons.

33Hy kan juwele maak van edelstene en hy kan houtwerk doen. Hy kan al die werk doen.

34Die Here het vir hom en vir Oholiab gehelp om vir ander ambagsmanne te leer. Oholiab is die seun van Agisamak van die Dan-stam.

35Die Here het hulle vaardig gemaak om al die soorte werk te kan doen: Hulle kan planne teken, borduur op blou, pers en rooi wol-materiaal en linne-materiaal, en hulle kan weef. Hierdie twee manne kan al die werk doen en planne teken.”

Eksodus 36

1Moses het ook gesê: “Die Here het vir Besaleël en Oholiab en al die ander ambagsmanne wysheid en verstand gegee sodat hulle al die werk by die tempel kan doen. Hulle moet dit doen soos die Here gesê het.”

2Moses het vir Besaleël en Oholiab geroep, en ook al die ander ambagsmanne vir wie die Here vaardig gemaak het, elkeen wat wou help om te werk. Moses het hulle geroep om nader te kom om die werk te kom doen.

3Moses het vir hulle al die presente gegee wat die Israeliete gebring het vir die werk by die tempel. Die Israeliete het elke oggend nog presente na Moses toe gebring.

4Die ambagsmanne wat die werk by die tempel gedoen het, het almal gekom, elkeen het gekom van die plek waar hy gewerk het.

© Bible Society of South Africa.

5Hulle het vir Moses gesê: “Die mense bring meer as wat nodig is vir die werk wat die
Here gesê het ons moet doen.”

6Moses het gesê hulle moet vir almal in die kamp sê niemand moet nog presente vir
die tempel gee nie. Die mense het toe nie weer presente gebring nie.

7Die presente wat hulle klaar gebring het, was genoeg vir al die werk, en daar het
ook nog oorgebly.

Die Israeliete maak die tempel-tent

8Al die goeie ambagsmanne het die tempel-tent begin maak. Hulle het tien stukke
materiaal geneem. Dit was goeie linne-materiaal en blou, pers en rooi wol-materiaal.
Hulle het gerubs op die materiaal geborduur.

9Elke stuk materiaal was 28 el lank en vier el breed.

10Hulle het eers vyf stukke materiaal aan mekaar vasgewerk, en toe die ander vyf
stukke.

11Hulle het blou lissies gemaak van wol-materiaal en hulle het dit vasgewerk aan die
een kant van die materiaal. Hulle het dieselfde gedoen met die ander stuk materiaal.

12Hulle het 50 lissies vasgewerk aan die een stuk materiaal en 50 lissies aan die
ander stuk materiaal. Die lissies was ewe ver van mekaar.

13Hulle het ook 50 goue hakies vasgewerk aan elke stuk materiaal sodat die hakies in
die lissies kon haak, en sodat die stukke materiaal van die tempel-tent vas aan
mekaar kon wees.

14Toe het hulle ’n seil gemaak van bokhaar-materiaal. Hulle moes die seil bo-oor die
tempel-tent sit. Hulle het die seil van elf stukke bokhaar-materiaal gemaak.

15Elke stuk materiaal was 30 el lank en vier el breed.

16Hulle het eers vyf stukke materiaal aan mekaar vasgewerk en toe het hulle die
ander ses stukke aan mekaar vasgewerk.

17Hulle het 50 lissies vasgewerk aan die kant van die een stuk materiaal en hulle het
ook 50 lissies vasgewerk aan die kant van die ander stuk materiaal.

18Hulle het 50 brons hakies vasgewerk om die tent se stukke materiaal aan mekaar
vas te maak, sodat dit een tent kon wees.

19Hulle het nog ’n seil vir die tent gemaak van skaapvelle wat hulle rooi gekleur het.
Hulle het ook ’n seil gemaak van velle wat hulle sag gemaak het. Hulle het dit bo-oor
die rooi seil gesit.

20Hulle het rame van doringhout vir die tempel-tent gemaak om die tempel-tent
regop te hou.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Elke raam was tien el lank en een en ’n halwe el breed.

22Elke raam het twee houtpenne en twee gate gehad. Hulle het die houtpenne in die gate gesit sodat hulle die pale styf aan mekaar kon vasmaak. Hulle het al die rame van die tempel-tent so vasgemaak.

23-26Hulle het 20 rame vir die suidekant en 20 vir die noordekant van die tempel-tent gemaak. Hulle het ook 40 silwer voetstukke gemaak vir elke kant. Hulle het die voetstukke onder die rame gesit, twee voetstukke onder elke raam waar die twee houtpenne is.

27Vir die agterkant van die tempel-tent, die westekant, het hulle ses rame gemaak

28en hulle het twee rame gemaak vir die hoeke van die tempel-tent, vir die twee agterste hoeke van die tempel-tent.

29Hulle het die hoekrame sterker gemaak van onder tot bo by die boonste ring.

30Aan die westekant was ag rame, en daar was 16 silwer voetstukke, twee voetstukke onder elke raam.

31-32Hulle het dwarspale gemaak van doringhout, vyf dwarspale vir die rame aan elke kant van die tempel-tent en ook vyf dwarspale vir die rame aan die agterkant van die tempel-tent, die westekant.

33Die middelste dwarspaal was lank. Hulle het dit vasgemaak in die middel van die rame, van die een kant tot by die ander kant.

34Hulle het die rame oorgetrek met goud. Hulle het ook goue ringe gemaak en hulle het die dwarspale deur die ringe gesteek. Hulle het die dwarspale oorgetrek met goud.

35Hulle het ’n gordyn gemaak van blou, pers en rooi wol-materiaal en van goeie linne-materiaal. Hulle het gerubs daarop geborduur.

36Hulle het vier pale van doringhout gemaak en hulle het dit oorgetrek met goud. Hulle het goue hake daaraan vasgesit en vier silwer voetstukke daarvoor gemaak.

37Hulle het ’n gordyn gemaak vir die ingang van die tent. Hulle het dit gemaak van blou, pers en rooi wol-materiaal en van goeie linne-materiaal. Hulle het daarop geborduur.

38Hulle het die gordyn opgehang aan vyf pale met hake. Hulle het die bo-punte van die pale oorgetrek met goud, en ook die dwarspale. Hulle het die vyf voetstukke van brons gemaak.

Eksodus 37

Die kis

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Besaleël het ’n kis van doringhout gemaak. Die kis was twee en ’n halwe el lank, een en ’n halwe el breed en een en ’n halwe el hoog.

[2]Hy het die kis binne en buite oorgetrek met skoon goud. Hy het ’n rand van goud rondom die kis se kante vasgesit.

[3]Hy het vier goue ringe gemaak en hy het een ring op elke onderste hoek van die kis vasgesit. Daar was twee ringe aan elke kant.

[4]Besaleël het dra-pale van doringhout gemaak en hy het dit oorgetrek met goud.

[5]Hy het die dra-pale deur die ringe gesteek wat aan die kante van die kis was. Hulle het die kis met die dra-pale gedra.

[6]Besaleël het die deksel van skoon goud gemaak. Die deksel was twee en ’n halwe el lank en een en ’n halwe el breed.

[7]Hy het twee gerubs van goud gemaak, en hy het hulle op die twee kante van die deksel vasgesit.

[8]Die een gerub was op die een kant van die deksel en die ander gerub was op die ander kant. Die gerubs en die deksel was een stuk goud.

[9]Die gerubs se vlerke was oop en dit het die deksel toegemaak. Hulle gesigte was na mekaar toe en hulle het na die deksel gekyk.

Die tafel

[10]Besaleël het ’n tafel van doringhout gemaak. Dit was twee el lank, een el breed en een en ’n halwe el hoog.

[11-12]Hy het die tafel oorgetrek met skoon goud en hy het ’n rand van goud rondom die tafel vasgesit. Die rand was ’n handbreedte. Aan hierdie rand was nog ’n rand en dit was ook van goud.

[13]Hy het vier goue ringe gemaak en hy het die ringe vasgesit aan die vier hoeke van die tafel, een ring by elke tafel-poot.

[14]Die ringe was naby die rand, sodat hulle die dra-pale daardeur kon steek om die tafel te dra.

[15]Besaleël het die dra-pale van doringhout gemaak en hy het dit oorgetrek met goud. Hulle het die tafel met die dra-pale gedra.

[16]Hy het ook die goed gemaak wat hulle by die tafel gebruik het: die skottels, panne, kanne en bakke. Hulle het die drank-offers daarmee uitgegooi. Besaleël het alles van skoon goud gemaak.

Die lampstaander

[17]Besaleël het ’n lampstaander van skoon goud gemaak. Die lampstaander se voetstuk, die stam, die blomme en blomknoppe was alles een stuk goud.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18Daar was ses arms aan die kante van die lampstaander, drie arms aan die een kant
en drie arms aan die ander kant.

19Daar was drie blomme aan elke arm. Die blomme het gelyk soos die blomknoppe
en blomme van amandelbome.

20Daar was vier blomme aan die stam. Hulle het ook gelyk soos die blomknoppe en
blomme van amandelbome.

21Op elke plek waar twee arms van die lampstaander bymekaarkom, was daar ’n
blomknop.

22Die blomknoppe en die arms was alles een stuk goud, skoon goud wat Besaleël
met ’n hamer geslaan en gevorm het.

23Besaleël het sewe lampe gemaak, en ook die dekseltjies wat die lampe doodmaak.
Hy het alles van skoon goud gemaak.

24Hy het ’n talent skoon goud gebruik om die lampstaander te maak en alles wat by
die lampstaander moes wees.

Die wierook-altaar

25Besaleël het ’n wierook-altaar van doringhout gemaak. Dit was vierkantig, een el
lank en een el breed, en dit was twee el hoog. Die altaar en sy horings was een stuk
hout.

26Hy het die wierook-altaar oorgetrek met skoon goud, die bokant van die altaar, die
kante rondom die altaar, en die horings. Hy het ’n goue rand rondom die altaar
vasgesit.

27Hy het twee goue ringe gemaak en hy het dit vasgesit onder die rand aan die twee
kante van die altaar. Hy het die dra-pale deur die ringe gesteek om die wierook-
altaar te dra.

28Hy het die dra-pale van doringhout gemaak en hy het dit oorgetrek met goud.

Die salf-olie en die wierook

29Besaleël het die gewyde salf-olie en die skoon wierook gemaak. Hy het dit gemaak
soos ’n ambagsman salf maak.

Eksodus 38

Die brandoffer-altaar

1Besaleël het ’n brandoffer-altaar van doringhout gemaak. Dit was vierkantig, vyf el
lank en vyf el breed, en dit was drie el hoog.

2Hy het horings gemaak op die vier hoeke. Die altaar en die horings was vas aan
mekaar. Besaleël het die altaar en die horings oorgetrek met brons.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Hy het alles gemaak wat by die altaar moes wees: die potte, die grawe, die bakke, die vurke en die emmers vir die kole. Hy het dit alles van brons gemaak.

4Rondom die altaar het hy tralies van brons gemaak. Die tralies was so hoog soos die helfte van die altaar.

5Hy het vier ringe gemaak en hy het dit vasgesit aan die vier hoeke van die tralies, ’n ring aan elke hoek. Hy het die dra-pale deur die ringe gesteek.

6Hy het die dra-pale van doringhout gemaak en hy het die dra-pale oorgetrek met brons.

7Hy het die dra-pale deur die ringe aan die kante van die altaar gesteek om die altaar te dra. Hy het die altaar van planke gemaak, dit was soos ’n kas.

Die was-skottel

8Besaleël het ’n was-skottel en ’n voetstuk van brons gemaak. Hy het dit gemaak van brons spieëls. Hy het die spieëls gekry by die vroue wat gewerk het by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

Die oop stuk grond rondom die tempel-tent

9-11Besaleël het gordyne gemaak vir die oop stuk grond rondom die tempel-tent. Hy het gordyne van goeie linne-materiaal gemaak vir die suidekant en die noordekant. Die gordyne van elke kant was 100 el breed. Hy het die gordyne aan elke kant gehang aan 20 pale met 20 brons voetstukke. Hy het hake en silwer ringe gebruik om die gordyne op te hang.

12By die westekant was die gordyne 50 el breed, en daar was tien pale met tien voetstukke. Hy het hake en silwer ringe gebruik om die gordyne op te hang.

13Die voorkant, die oostekant, was 50 el breed.

14Langs die een kant van die ingang was die gordyne 15 el breed, en daar was drie pale met drie voetstukke.

15Langs die ander kant van die ingang was die gordyn ook 15 el breed, en daar was drie pale met drie voetstukke.

16Hy het al die gordyne rondom die oop stuk grond van goeie linne-materiaal gemaak.

17Hy het die voetstukke van die pale van brons gemaak en die hake en ringe van die pale het hy van silwer gemaak. Hy het die bo-punte van die pale oorgetrek met silwer, en daar was silwer ringe aan al die pale rondom die oop stuk grond.

18Hy het vir die gordyn in die ingang blou, pers en rooi wol-materiaal en goeie linne-materiaal gebruik. Die gordyn was 20 el lank en vyf el hoog, soos die gordyne rondom die oop stuk grond.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Daar was vier pale met vier brons voetstukke en silwer hake. Hy het die bo-punte van die pale oorgetrek met silwer, en ook die ringe.

20Hy het al die penne rondom die tempel-tent en die oop stuk grond van brons gemaak.

’n Lys van alles wat hulle gebruik het

21Hier is ’n lys van alles wat hulle gebruik het om die tempel-tent te maak waarin die tien gebooie was. Moses het gesê Itamar, die seun van die priester Aäron, moet vir die Leviete sê om alles op te skryf wat die ambagsmanne gebruik het.

22Besaleël was die seun van Uri, en Uri was die seun van Gur. Besaleël was van die Juda-stam. Besaleël het alles gemaak wat die Here vir Moses gesê het.

23Saam met hom het Oholiab gewerk. Oholiab was die seun van Agisamak van die Dan-stam. Hy was ’n ambagsman en hy kon planne teken en het blou, pers en rooi wol-materiaal en linne-materiaal geweef.

24Hulle het 29 talente en 730 tempel-sikkels goud gebruik om die tempel te maak.

25Hulle het die silwer gekry toe hulle die Israeliete getel het. Dit was 100 talente en 1 775 tempel-sikkels silwer.

26Elke man wat 20 jaar of ouer as 20 jaar was, moes ’n halwe tempel-sikkel silwer gee. Daar was 603 550 mans.

27Die ambagsmanne het 100 talente silwer gebruik om die tempel-tent se voetstukke en die gordyn se voetstukke te maak. Hulle het 100 voetstukke gemaak. Hulle het een talent silwer vir elke voetstuk gebruik.

28Daar het 1 775 tempel-sikkels silwer oorgebly. Hulle het dit gebruik om die hake vir die pale te maak. Hulle het die bo-punte van die pale oorgetrek met silwer en hulle het dit aan mekaar vasgemaak.

29Hulle het 70 talente en 2 400 tempel-sikkels brons gekry van die brons wat die mense gebring het.

30Hulle het dit gebruik om die voetstukke te maak vir die pale by die ingang van die tent waar die tien gebooie was, en ook om die brons altaar en die brons tralies te maak wat om die altaar was, en alles wat by die altaar moes wees,

31ook die voetstukke van die pale rondom die oop stuk grond, die voetstukke by die ingang van die oop stuk grond, en al die penne vir die tempel-tent en vir die gordyne rondom die oop stuk grond.

Eksodus 39

Die klere

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Besaleël en die kleremakers het die gewyde klere vir Aäron gemaak soos die Here vir Moses gesê het. Hulle het die klere van blou, pers en rooi wol-materiaal gemaak. Aäron het dit gedra wanneer hy in die tempel gewerk het.

Die skouer-kleed

[2]Die kleremakers het die skouer-kleed gemaak van goud, van blou, pers en rooi wol-materiaal en van goeie linne-materiaal.

[3]Hulle het goud plat geslaan en hulle het dun drade daarvan gesny. Hulle het met hierdie goue drade geborduur op die blou, pers en rooi wol-materiaal en linne-materiaal.

[4]Hulle het die voorste en agterste stukke van die skouer-kleed aan mekaar vasgemaak met twee skouerbande.

[5]Hulle het die belt gemaak wat by die skouer-kleed gepas het, hulle het dit van dieselfde materiaal gemaak. Hulle het dit gemaak van goud, van blou, pers en rooi wol-materiaal en van goeie linne-materiaal, soos die Here vir Moses gesê het.

[6]Hulle het oniks reggemaak en hulle het die edelstene vasgesit in goud. Hulle het die name van Jakob se twaalf seuns op die edelstene geskryf soos ’n mens op ’n ring skryf.

[7]Hulle het die oniks vasgesit aan die skouerbande van die skouer-kleed. Die edelstene het die Here laat dink aan die twaalf stamme van Israel. Hulle het alles gedoen soos die Here vir Moses gesê het.

Die borssak

[8]Die kleremakers het ’n borssak gemaak op dieselfde manier as die skouer-kleed. Hulle het goud gebruik, en ook blou, pers en rooi wol-materiaal en goeie linne-materiaal.

[9]Die borssak was vierkantig en dubbel gevou. Dit was ’n span lank en ’n span breed.

[10]Hulle het vier rye edelstene op die borssak vasgesit: In die eerste ry was daar ’n karneool, ’n topaas en ’n smarag.

[11]In die tweede ry was daar ’n turkoois, ’n saffier en ’n jaspis.

[12]In die derde ry was daar ’n hiasint, ’n agaat en ’n ametis.

[13]In die vierde ry was daar ’n chrisoliet, ’n oniks en ’n opaal. Hulle het die edelstene vasgesit in goud.

[14]Daar was twaalf edelstene, een edelsteen vir elke seun van Jakob. Dit was ook die name van die twaalf stamme van Israel. Hulle het op elke edelsteen een van die name geskryf, soos ’n mens ’n naam op ’n ring skryf.

[15]Die kleremakers het kettinkies van skoon goud vir die borssak gemaak, en hulle het die kettinkies gedraai soos ’n tou.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Hulle het twee kassies van goud gemaak en twee goue ringe. Hulle het die ringe vasgesit aan die twee boonste hoeke van die borssak.

17Hulle het die twee goue kettinkies aan hierdie twee ringe vasgesit.

18Hulle het die ander twee punte van die kettinkies vasgesit aan die twee kassies, en hulle het dit vasgewerk aan die skouerbande, aan die voorkant van die skouer-kleed.

19Hulle het ook twee goue ringe gemaak en hulle het dit vasgewerk aan die onderste twee hoeke van die borssak, aan die binnekant van die skouer-kleed.

20Die kleremakers het ook twee ander goue ringe gemaak en hulle het dit vasgesit voor aan die twee skouerbande van die skouer-kleed, net bokant die belt.

21Hulle het toe ’n blou woldraad geneem en hulle het die ringe van die borssak vasgebind aan die ringe van die skouer-kleed. Dit was bokant die belt van die skouer-kleed, sodat die borssak vas was aan die skouer-kleed. Hulle het alles gedoen soos die Here vir Moses gesê het.

Die oorkleed

22Die kleremakers het die oorkleed vir die skouer-kleed gemaak van een stuk blou wol-materiaal.

23In die middel was daar ’n gat en daar was ’n sterk rand rondom die gat sodat dit nie kon skeur nie.

24Hulle het granate gemaak van blou, pers en rooi wol-materiaal en goeie linne-materiaal. Hulle het die granate vasgewerk op die soom van die oorkleed.

25Hulle het klokkies van skoon goud gemaak en hulle het die klokkies vasgewerk tussen die granate.

26Daar was ’n klokkie langs elke granaat op die soom van die oorkleed. Die priester moes dit dra wanneer hy in die tempel werk. Hulle het dit gedoen soos die Here vir Moses gesê het.

Die rokke, tulband, kopdoeke, linne-broeke en skouer-serpe

27Die kleremakers het vir Aäron en sy seuns rokke gemaak van linne-materiaal.

28Hulle het die tulband en kopdoeke gemaak van linne-materiaal en ook die broeke van goeie linne-materiaal.

29Die kleremakers het die skouer-serp gemaak van goeie linne-materiaal en van blou, pers en rooi wol-materiaal, soos die Here vir Moses gesê het.

30Hulle het ’n blom van skoon goud gemaak vir die tulband, en daarop geskryf soos ’n mens op ’n ring skryf: “ Gewy aan die Here.”

31Hulle het die blom met ’n blou woldraad aan die tulband vasgemaak. Hulle het dit gedoen soos die Here vir Moses gesê het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die werk is klaar

32So het hulle al die werk klaargemaak by die tempel-tent, die tent waar die Here
aan hulle verskyn het. Die Israeliete het alles gemaak presies soos die Here vir
Moses gesê het.

33Hulle het die tempel-tent na Moses toe gebring, die tent en alles wat daarby moes
wees: die hakies, die rame, die dwarspale, die pale en die voetstukke,

34die seil van skaapvelle wat hulle rooi gekleur het, die seil van velle wat hulle sag
gemaak het, die gordyn,

35die kis waarin die tien gebooie moet kom, die dra-pale en die deksel,

36die tafel en alles wat daarby moes wees, die offer-brood,

37die lampstaander van skoon goud en die lampe en alles wat daarby moes wees,
ook die olyf-olie vir die lampe,

38die goue wierook-altaar, die salf-olie, die wierook, die gordyn vir die ingang van
die tent,

39die brons brandoffer-altaar en die brons tralies, die dra-pale en alles wat daarby
moes wees, die was-skottel en die voetstuk,

40die gordyne vir die oop stuk grond, die pale en die voetstukke, die gordyn vir die
ingang, die toue, die penne en alles wat nodig was wanneer hulle gewerk het by die
tempel-tent, die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het,

41die klere wat hulle moes dra wanneer hulle in die tempel werk, die gewyde klere
vir die priester Aäron en die klere vir sy seuns wanneer hulle priester-werk gedoen
het.

42Die Israeliete het alles gemaak soos die Here vir Moses gesê het.

43Moses het goed na al die werk gekyk. Hy het gesien dat hulle dit gedoen het
presies soos die Here gesê het. En Moses het hulle geseën.

Eksodus 40

Moses slaan die tempel-tent op

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Jy moet die tempel-tent opslaan op die eerste dag van die eerste maand. Dit is die
tent waar Ek aan die Israeliete verskyn.

3Jy moet die kis waarin die tien gebooie moet kom, in die tent neersit, agter die
gordyn.

© Bible Society of South Africa.

4Jy moet die tafel bring en alles regsit wat daarby moet wees. Jy moet ook die lampstaander bring en die lampe aansteek.

5Jy moet die goue wierook-altaar voor die kis sit waarin die tien gebooie is en jy moet die gordyn ophang in die ingang van die tempel-tent.

6Jy moet die brandoffer-altaar neersit voor die tempel-tent, die tent waar Ek aan julle verskyn.

7Jy moet die was-skottel neersit tussen die tent waar Ek aan julle verskyn en hierdie altaar, en jy moet water in die was-skottel gooi.

8Jy moet die oop stuk grond rondom die tent toemaak en jy moet die gordyn ophang by die ingang na die oop stuk grond.

9"Jy moet die salf-olie neem en jy moet die tempel-tent daarmee salf. Salf ook alles wat daarin is. Wy die tent en alles wat daarby moet wees. Die tent sal dan gewy wees.

10Salf ook die brandoffer-altaar en alles wat daarby moet wees. Jy moet die altaar wy, dan sal dit hoog-gewy wees.

11"Jy moet die was-skottel en die voetstuk salf en dit ook wy.

12Jy moet vir Aäron en sy seuns nader bring na die ingang van die tent waar Ek aan julle verskyn. Jy moet hulle met water was.

13Jy moet vir Aäron die gewyde klere aantrek. Dan moet jy hom salf en hom wy, sodat hy my priester kan wees.

14Jy moet sy seuns ook nader bring en jy moet die rokke vir hulle aantrek.

15Salf hulle dan soos jy hulle pa gesalf het, sodat hulle my priesters kan wees. Jy moet hulle salf, dan sal hulle en hulle nageslag altyd my priesters wees."

16Moses het alles gedoen, presies soos die Here vir hom gesê het.

17Hulle het die tempel-tent opgeslaan op die eerste dag van die eerste maand van die tweede jaar nadat die Israeliete uit Egipte weggegaan het.

18Moses het die tempel-tent opgeslaan: Hy het die voetstukke neergesit, die rame en die pale regop gesit en die dwarspale vasgemaak.

19Hy het die seil oor die tempel-tent gesit en hy het die ander seil bo-oor gesit. Dit was soos die Here vir Moses gesê het.

20Hy het die tien gebooie geneem en hy het dit in die kis gesit. Hy het die dra-pale deur die ringe gesteek en hy het die deksel op die kis gesit.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Toe het Moses die kis in die tempel-tent gebring en die gordyn opgehang. Die kis
waarin die tien gebooie is, was toe agter die gordyn. Dit was soos die Here vir Moses
gesê het.

22Moses het die tafel gesit in die tent waar die Here aan hulle verskyn. Die tafel was
in die noordekant van die tempel-tent voor die gordyn.

23Hy het toe die offer-brood daarop neergesit voor die Here, soos die Here vir hom
gesê het.

24Moses het die lampstaander neergesit in die tent waar die Here aan hulle verskyn,
by die tafel, in die suidekant van die tempel-tent.

25Toe het hy die lampe aangesteek voor die Here, soos die Here vir hom gesê het.

26Hy het die goue wierook-altaar neergesit in die tent waar die Here aan hulle
verskyn. Die altaar was voor die gordyn.

27Toe het hy die wierook op die altaar aan die brand gesteek, soos die Here vir hom
gesê het.

28Hy het die gordyn in die ingang van die tempel-tent opgehang.

29Hy het die brandoffer-altaar neergesit by die ingang van die tempel-tent, die tent
waar die Here aan hulle verskyn. Moses het op die altaar brand-offers en koring-
offers gebring, soos die Here vir hom gesê het.

30Hy het die was-skottel neergesit tussen die tent waar die Here aan hulle verskyn en
die altaar. Hy het water daarin gegooi om te was.

31Moses, Aäron en sy seuns het hulle hande en voete daarin gewas

32wanneer hulle gegaan het na die tent waar die Here aan hulle verskyn en ook
wanneer hulle nader gegaan het na die altaar. Dit was soos die Here vir Moses gesê
het.

33Moses het die gordyne gehang om die oop stuk grond rondom die tempel-tent en
die altaar, en hy het die gordyn gehang in die ingang na die oop stuk grond. So het
Moses al die werk klaargemaak.

Die wolk oor die tempel-tent

34'n Wolk het gehang oor die tent waar die Here aan hulle verskyn, en die lig wat om
die Here, die Koning, is wanneer Hy verskyn, was in die tempel-tent.

35Moses kon nie ingaan in die tent waar die Here aan hulle verskyn nie, want die
wolk het oor die tent gebly. Die lig wat om die Here, die Koning, is, was in die
tempel-tent.

36Elke maal wanneer die wolk weggegaan het van die tempel-tent, dan het die
Israeliete verder gegaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

37 Maar wanneer die wolk oor die tempel-tent gebly het, dan het die mense nie
verder gegaan nie. Hulle het daar gebly totdat die wolk weggegaan het.

38 Die wolk van die Here was in die dag oor die tempel-tent, en in die nag was dit ’n
vuur. Al die Israeliete het dit gesien, oral waar hulle gegaan het.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Levitikus

Levitikus 1

Die brand-offer

1Die Here het vir Moses geroep en Hy het met hom gepraat uit die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het.

2Die Here het gesê: “Jy moet vir die Israeliete sê: “Wanneer een van julle vir die Here ’n offer wil gee, en die offer is ’n dier, dan moet hy ’n bees of ’n skaap of ’n bok gee.

3As sy offer ’n bees is, dan moet dit ’n gesonde bul wees. Hy moet die bul bring voor die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, sodat die Here die offer van hom kan aanvaar.

4Dan moet hy sy hand op die kop van die offer-dier sit, sodat die Here sy offer kan aanvaar en sy sonde kan versoen.

5Daarna moet hy die bul daar voor die Here slag, en die priesters van die nageslag van Aäron moet die bloed van die bul nader bring en hulle moet dit spat teen die altaar, die altaar wat voor die tent is waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hulle moet dit oral rondom die altaar spat.

6Die persoon wat die offer gee, moet die bul slag en hy moet die vleis in stukke sny.

7Die priesters van die nageslag van Aäron moet vuur op die altaar sit en hulle moet hout op die vuur pak.

8Hulle moet die stukke vleis op die hout sit wat op die vuur op die altaar is, hulle moet ook die kop en die niervet daarop sit.

9Die persoon wat die offer gee, moet die pote en die binnegoed was, en die priester moet alles op die altaar verbrand. Dit is ’n brand-offer, ’n vuur-offer, dit ruik lekker vir die Here.

10“Wanneer iemand ’n skaap of ’n bok gee om ’n brand-offer te wees, dan moet hy ’n gesonde ram gee.

11Hy moet die ram daar voor die Here slag, langs die noordekant van die altaar, en die priesters van die nageslag van Aäron moet die bloed teen die altaar spat, oral rondom die altaar.

12Die persoon moet die kop afsny en hy moet die niervet afsny. Hy moet die vleis in stukke sny, en die priester moet alles langs mekaar op die hout sit wat op die vuur op die altaar is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Die persoon moet die binnegoed en die pote was, en die priester moet dit alles offer en verbrand op die altaar. Dit is ’n brand-offer, ’n vuur-offer, dit ruik lekker vir die Here.

14“Wanneer iemand vir die Here ’n voël wil gee om ’n brand-offer te wees, dan moet hy vir die Here ’n tortelduif of ’n makduif gee.

15Die priester moet die duif na die altaar bring. Hy moet die duif se nek omdraai en hy moet dit op die altaar verbrand. Hy moet die duif se bloed uitdruk teen die kant van die altaar.

16Daarna moet hy die krop en die vere neem en hy moet dit weggooi, oos van die altaar, op die ashoop.

17Hy moet die duif se vlerke amper afskeur, maar hy moenie dit heeltemal afskeur nie. Dan moet hy dit heeltemal op die altaar verbrand. Dit is ’n brand-offer, ’n vuur-offer, dit ruik lekker vir die Here.”

Levitikus 2

Koring-offers

1Die Here het vir Moses gesê: “Wanneer iemand vir My ’n koring-offer wil gee, dan moet hy vir die Here van die beste meel gee. Hy moet olyf-olie oor die meel gooi en hy moet wierook bo-op sit.

2Dan moet hy dit bring na die priesters van die nageslag van Aäron. Die priester moet ’n handvol meel neem saam met party van die olyf-olie en al die wierook. Dit is die deel wat die Here moet kry, en die priester moet dit op die altaar verbrand. Dit is ’n vuur-offer, dit ruik lekker vir die Here.

3Die deel van die koring-offer wat oorbly, behoort aan Aäron en sy seuns. Dit is die hoog-gewyde deel van die vuur-offers vir die Here.

4“Wanneer die persoon ’n koring-offer wil gee wat hy in ’n oond gebak het, dan moet hy die beste meel gebruik. Dit moet ongesuurde rondebrood wees wat hy met olyf-olie geknie het, of ongesuurde roosterkoek waarop hy olyf-olie gesmeer het.

5“Wanneer jy ’n koring-offer wil gee wat jy op ’n bakplaat gebak het, dan moet jy die beste meel gebruik wat jy met olyf-olie geknie het, en daar moenie suurdeeg by wees nie.

6Jy moet die brood in stukke breek en olyf-olie daaroor gooi. Dit is ’n koring-offer.

7“Wanneer jy ’n koring-offer wil gee wat jy in ’n bakpan gebak het, dan moet jy die beste meel gebruik en jy moet dit meng met olie.

8Jy moet die koring-offer bring wat jy só vir die Here gaargemaak het. Jy moet dit vir die priester gee, en die priester moet dit op die altaar offer.

© Bible Society of South Africa.

9Uit die koring-offer moet die priester die deel neem wat die Here moet kry en hy moet dit op die altaar verbrand. Dit is ’n vuur-offer, dit ruik lekker vir die Here.

10Die deel van die koring-offer wat oorbly, behoort aan Aäron en sy seuns. Dit is ’n hoog-gewyde deel van die vuur-offers vir die Here.

11Jy moenie suurdeeg of heuning sit in ’n koring-offer wat jy vir die Here gee nie, want julle mag nie suurdeeg of heuning verbrand in ’n vuur-offer vir die Here nie.

12Julle mag suurdeeg of heuning vir die Here gee. Dit is dan ’n offer van julle beste dinge. Maar dit mag nie op die altaar kom nie, dit sal nie vir die Here lekker ruik nie.

13Jy moet sout gooi op al jou koring-offers. Jy moenie vergeet om sout by jou koring-offers te sit nie. Die sout is die teken van die verbond met jou God. Jy moet sout gee saam met al jou koring-offers.

14“Wanneer jy vir die Here ’n koring-offer gee van die koring wat jy eerste afgesny het, dan moet dit vars koring wees wat jy gebraai of gestamp het. Jy moet dit gee, dit is die koring-offer uit die eerste koring wat jy afgesny het.

15Jy moet olyf-olie daarby sit en jy moet wierook bo-op sit. Dit is die koring-offer.

16Die priester moet dan die deel van die vars koring en olyf-olie verbrand saam met al die wierook, dit is die deel wat die Here moet kry. Dit is ’n vuur-offer vir die Here.”

Levitikus 3

Ete-offers

1Die Here het vir Moses gesê: “Wanneer iemand ’n ete-offer wil bring, en die offer is ’n bees, dan moet dit ’n gesonde bul of koei wees. Hy moet dit nader bring voor die Here.

2Hy moet sy hand op die dier se kop sit en hy moet dit slag by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Die priesters van die nageslag van Aäron moet die bloed teen die altaar spat. Hulle moet dit oral rondom die altaar spat.

3Die persoon wat die offer gee, moet dan die ete-offer nader bring, dit is die vuur-offer vir die Here. Die vuur-offer is die netvet, al die vet aan die binnegoed,

4die twee niere, die niervet aan die kruis, en die punt van die lewer. Hy moet dit saam met die niere uithaal.

5Die priesters van die nageslag van Aäron moet dit op die altaar verbrand saam met die brand-offer wat op die hout op die vuur is. Dit is ’n vuur-offer wat lekker ruik vir die Here.

6“Wanneer die persoon vir die Here ’n skaap of ’n bok vir ’n ete-offer wil gee, dan moet hy ’n gesonde ram of ooi gee.

© Bible Society of South Africa.

7As hy ’n skaap wil gee, dan moet hy dit nader bring voor die Here.

8Hy moet sy hand op die kop van sy offer-dier sit en hy moet dit slag voor die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Die priesters van die nageslag van Aäron moet die bloed teen die altaar spat, oral rondom die altaar.

9Die persoon moet dan ’n deel van die ete-offer vir die Here bring, dit is ’n vuur-offer. Die deel is: die vet, die hele vetstert wat hy by die stuitjie afsny, die netvet, al die vet aan die binnegoed,

10die twee niere en die niervet aan die kruis en ook die punt van die lewer wat hy saam met die niere uithaal.

11Die priester moet dit op die altaar verbrand. Dit is ’n ete, ’n vuur-offer vir die Here.

12“Wanneer die persoon ’n bok wil offer, dan moet hy dit nader bring voor die Here.

13Hy moet sy hand op die dier se kop sit en hy moet die dier slag voor die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Die priesters van die nageslag van Aäron moet die bloed teen die altaar spat, oral rondom die altaar.

14Die persoon moet dan ’n deel bring van die dier wat hy gee. Dit is ’n vuur-offer vir die Here. Hy moet die netvet en die vet aan die binnegoed verbrand,

15en ook die twee niere, die niervet wat aan die kruis is, en die punt van die lewer, wat hy saam met die niere uithaal.

16Die priester moet dit op die altaar verbrand. Dit is ’n vuur-offer wat lekker ruik vir die Here. Al die vet behoort aan die Here.

17Julle en julle nageslag moet altyd onthou, oral waar julle woon: Julle mag nooit vet of bloed eet nie.”

Levitikus 4

Sonde-offers

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer iemand sonde doen teen een van die gebooie van die Here, wanneer hy iets doen wat hy nie mag doen nie, maar hy weet dit nie, dan moet julle só doen:

3“Wanneer die gesalfde priester sonde gedoen het en hy het die volk skuldig laat word, dan moet hy ’n gesonde bul vir die Here gee. Dit is ’n sonde-offer.

4Hy moet die bul bring na die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hy moet sy hand op die kop van die bul sit en hy moet die bul daar voor die Here slag.

© Bible Society of South Africa.

5Dan moet die gesalfde priester van die bloed van die bul neem en hy moet dit bring
na die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

6Dan moet hy sy vinger in die bloed steek en hy moet die bloed sewe maal voor
die gordyn van die gewyde plek spat.

7Daarna moet hy ’n bietjie van die bloed smeer aan die horings van die wierook-
altaar, daar voor die Here in die tent, en dan moet hy al die bloed wat oorbly, uitgooi
teen die onderkant van die brandoffer-altaar voor die tent.

8Dan moet hy al die vet van die sonde-offerbul uithaal. Dit is die netvet, die vet aan
die binnegoed,

9die twee niere saam met die niervet aan die kruis, en die punt van die lewer wat hy
saam met die niere uithaal.

10Hy moet dit doen soos hy gedoen het met die dier vir die ete-offer, en hy moet dit
op die brandoffer-altaar verbrand.

11Maar hy moet die bul se vel, en ook al sy vleis, sy kop en pote, sy binnegoed en sy
pensmis,

12die hele bul, buite die kamp neem na ’n rein plek, die ashoop. Daar moet hy dit
verbrand op ’n houtvuur.

13“Miskien het die hele volk Israel sonde gedoen, maar hulle weet dit nie, hulle het
iets gedoen teen een van die gebooie van die Here, iets wat ’n mens nie mag doen
nie, en hulle het skuldig geword.

14Wanneer hulle dan uitvind dat hulle die sonde gedoen het, dan moet
die volksvergadering ’n bul gee om ’n sonde-offer te wees. Hulle moet die bul bring
voor die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

15Die leiers van die vergadering moet hulle hande daar voor die Here op die kop van
die bul sit, en hulle moet die bul slag.

16Die gesalfde priester moet ’n bietjie van die bul se bloed in die tent bring, die tent
waar die Here aan die Israeliete verskyn.

17Hy moet sy vinger in die bloed steek en hy moet dit sewe maal voor die gordyn
spat, daar voor die Here.

18Dan moet hy van die bloed aan die horings van die altaar smeer, daar voor die
Here in die tent. En hy moet al die bloed wat oorbly, uitgooi teen die onderkant van
die altaar wat voor die tent is.

19Dan moet hy al die vet uithaal wat in die bul is en hy moet dit op die altaar
verbrand.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Hy moet met hierdie bul doen soos met die ander bul. So moet hy versoening doen vir die mense in die vergadering, sodat die Here hulle sal vergewe.

21Hy moet die bul uit die kamp neem en hy moet dit verbrand, soos die ander bul. Dit is die sonde-offer van die volksvergadering.

22“Miskien is dit ’n leier wat sonde doen, wanneer hy iets doen teen een van die gebooie van sy God die Here, maar hy weet dit nie, en hy word skuldig.

23Wanneer hy uitvind dat hy die sonde gedoen het, dan moet hy ’n gesonde bok-ram gee om ’n offer te wees.

24Hy moet sy hand op die bok se kop sit en hy moet die bok slag op dieselfde plek waar hulle die brandoffer-dier voor die Here slag. Dit is ’n sonde-offer.

25Die priester moet dan van die sonde-offerbok se bloed op sy vinger neem en hy moet dit aan die horings van die brandoffer-altaar smeer. Hy moet die bloed wat oorbly, uitgooi teen die onderkant van die brandoffer-altaar.

26Dan moet hy al die vet van die bok op die altaar verbrand, soos die vet van die ete-offer. Die priester doen so versoening vir die sonde van die leier, en die Here sal hom vergewe.

27“Miskien doen ’n gewone mens sonde, maar hy weet dit nie. Hy doen iets teen een van die gebooie van die Here en hy word skuldig.

28Wanneer hy uitvind dat hy die sonde gedoen het, dan moet hy ’n gesonde bok-ooi gee om ’n offer te wees vir die sonde wat hy gedoen het.

29Hy moet sy hand op die ooi se kop sit en hy moet die ooi slag op die plek waar hulle die brandoffer-diere slag.

30Die priester moet dan van die ooi se bloed op sy vinger neem en hy moet dit aan die horings van die brandoffer-altaar smeer. Hy moet al die bloed wat oorbly, uitgooi teen die onderkant van die altaar.

31Dan moet hy al die vet uithaal wat in die ooi is, soos hy die vet van die dier uithaal wat die ete-offer moet wees, en hy moet dit op die altaar verbrand. Dit ruik lekker vir die Here. Die priester doen so versoening vir die persoon, en die Here sal hom vergewe.

32Wanneer die persoon ’n skaap gee om ’n sonde-offer te wees, dan moet hy ’n gesonde skaap-ooi gee.

33Hy moet sy hand op die ooi se kop sit en hy moet haar slag op dieselfde plek waar hulle die brandoffer-dier slag.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34Die priester moet van die ooi se bloed op sy vinger neem en hy moet dit aan die horings van die brandoffer-altaar smeer. Hy moet die bloed wat oorbly, uitgooi teen die onderkant van die altaar.

35Hy moet al die vet uithaal, soos hy die vet van die skaap vir die ete-offer uithaal, en hy moet dit op die altaar verbrand, saam met die vuur-offers vir die Here. Die priester doen so versoening vir die sonde wat die persoon gedoen het, en die Here sal hom vergewe."

Levitikus 5

Skuld-offers

1Die Here het vir Moses gesê: "'n Persoon het miskien gesien dat iemand iets verkeerd doen of hy weet miskien daarvan. Of hy het miskien gehoor dat iemand 'n ander persoon vervloek. Hy kan 'n getuie wees, maar hy wil nie vertel wat gebeur het nie. Dan het daardie persoon sonde gedoen, hy is skuldig.

2Of iemand raak miskien aan 'n onrein ding, maar hy weet dit nie, of hy raak aan 'n dooie, onrein, wilde dier of aan 'n mak, dooie dier of 'n klein diertjie. As hy dit doen, dan het hy onrein geword, en hy is skuldig.

3Of iemand raak miskien aan iets wat onrein is, en wat van 'n mens kom. Hy raak aan enige iets wat hom onrein laat word, maar hy weet dit nie. Dan is hy skuldig wanneer hy dit later besef.

4Of iemand dink miskien nie goed wat hy sê nie en hy belowe iets en hy sê die Here is die getuie. Hy belowe iets wat goed is of iets wat sleg is, mense doen dit partymaal wanneer hulle nie goed dink nie. Die persoon weet nie dat hy verkeerd gedoen het nie, maar wanneer hy later besef wat hy gedoen het, dan is hy skuldig.

5Wanneer hy besef dat hy skuldig is omdat hy een van hierdie dinge gedoen het, dan moet hy bely dat hy sonde gedoen het

6en hy moet vir die Here 'n skuld-offer bring vir die sonde wat hy gedoen het. Dit moet 'n ooi wees, 'n skaap-ooi of 'n bok-ooi om 'n sonde-offer te wees. Die priester moet vir die persoon versoening doen vir sy sonde.

7As die persoon nie 'n skaap of 'n bok het nie, dan kan hy twee tortelduiwe of twee ander duiwe bring om 'n skuld-offer vir sy sonde te wees, een duif is om 'n sonde-offer te wees en een duif is om 'n brand-offer te wees.

8Hy moet die duiwe na die priester toe bring, en die priester moet eerste die duif offer wat 'n sonde-offer moet wees. Die priester moet die duif se nek omdraai, maar hy moenie die kop aftrek nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Dan moet hy ’n bietjie van die duif se bloed teen die kante van die altaar spat en hy moet die bloed wat oorbly, uitdruk teen die onderkant van die altaar. Dit is die sonde-offer.

10Die priester moet die tweede duif offer soos hy altyd ’n brand-offer offer. Die priester doen so versoening vir die persoon, en die Here sal sy sonde vergewe.

11As die persoon nie duiwe kan koop nie, dan moet hy een tiende van ’n efa van die beste meel bring om ’n sonde-offer te wees vir die sonde wat hy gedoen het. Hy moenie olie op die meel gooi nie en hy moenie wierook bo-op sit nie, want dit is ’n sonde-offer.

12Hy moet die meel vir die priester bring. Die priester moet ’n handvol van die meel neem en hy moet dit verbrand op die altaar, saam met die vuur-offer vir die Here. Die handvol meel is die teken van die hele offer. Dit is ’n sonde-offer.

13So doen die priester versoening vir die persoon se sonde, en die Here sal hom vergewe. Die priester mag die meel kry wat oorgebly het, soos by die koring-offer.”

14Die Here het vir Moses gesê:

15“Iemand wou miskien nie verkeerd doen nie, maar hy het verkeerd gedoen met die gewyde dinge van die Here. Dan moet hy ’n gesonde skaap-ram vir die Here gee om ’n skuld-offer te wees.

16Die persoon moet dan die geld betaal vir die sonde wat hy gedoen het teen die gewyde dinge. Hy moet ook nog een vyfde bysit en hy moet dit vir die priester gee. Die priester moet dan vir die persoon versoening doen met die ram wat ’n skuld-offer is, en die Here sal die persoon se sonde vergewe.

17“Iemand weet miskien nie dat hy sonde doen omdat hy ongehoorsaam is aan een van die gebooie nie. As hy ongehoorsaam is, dan is hy skuldig en dan moet hy betaal.

18Hy moet ’n gesonde skaap-ram na die priester toe bring om ’n skuld-offer te wees. Jy moet sê hoe groot die ram moet wees. Die priester moet dan versoening doen vir die sonde wat die persoon gedoen het. Hy het nie geweet dat hy die sonde doen nie maar hy het dit gedoen. Die Here sal hom vergewe.

19“Dit is die skuld-offer, wanneer iemand regtig skuldig is voor die Here.”

Levitikus 6

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Wanneer iemand vir ’n ander Israeliet iets gegee het om vir hom te bêre of wanneer hy dit vir hom geleen het, en die ander Israeliet sê hy het dit nie, dan doen hy sonde en hy is ontrou aan die Here. Hy doen ook sonde wanneer hy ’n ander

© Bible Society of South Africa.

Israeliet se goed vir homself vat, of wanneer hy die ander Israeliet slaan en seermaak en sy goed vat,

3of wanneer iets van ’n ander Israeliet weggeraak het, en hy kry dit, maar hy sê nie hy het dit gekry nie. Hy sê die Here is die getuie, maar hy lieg. Wanneer iemand een van hierdie dinge doen, dan het hy sonde gedoen.

4Hy het sonde gedoen en hy is skuldig, hy moet die goed teruggee wat hy gevat het of wat iemand by hom gebêre het, hy moet die goed teruggee wat weggeraak het en wat hy gekry het,

5hy moet alles teruggee waaroor hy gelieg het en gesê het die Here is die getuie. Wanneer mense sê dat hy dit gedoen het, en hy is skuldig, dan moet hy alles teruggee en hy moet ook nog een vyfde daarby sit.

6Hy moet ook vir die Here ’n skuld-offer gee. Hy moet ’n gesonde skaap-ram vir die priester bring om ’n skuld-offer te wees. Die priester moet sê hoe groot die ram moet wees.

7Die priester moet dan vir hom versoening doen, en die Here sal hom alles vergewe wat hy verkeerd gedoen het.”

Die brand-offer

8Die Here het vir Moses gesê:

9“Jy moet vir Aäron en sy seuns sê wat hulle met die brand-offer moet doen. Die brand-offer moet die hele nag deur op die vuurmaakplek op die altaar bly tot die volgende oggend. Die vuur moet aanhou brand.

10Die volgende oggend moet die priester sy linne-klere en sy linne-broek aantrek. Hy moet die vet optel wat oorgebly het toe die brand-offer op die altaar gebrand het, en hy moet die vet langs die altaar sit.

11Dan moet hy sy klere uittrek en ander klere aantrek en hy moet die vet na ’n rein plek buite die kamp bring.

12Die vuur op die altaar moet aanhou brand, dit mag nie doodgaan nie. Die priester moet elke oggend hout op die vuur sit. Hy moet die brand-offer op die vuur sit en hy moet die vet van die ete-offer in die vuur verbrand.

13Daar moet altyd vuur wees op die altaar, dit mag nie doodgaan nie.”

Die koring-offer

14“En dit is wat die priesters met die koring-offer moet doen: ’n Priester van die nageslag van Aäron moet die offer naby die altaar bring voor die Here,

15en hy moet ’n handvol van die meel en die olyf-olie neem en ook al die wierook wat bo-op die koring-offer is. Dan moet hy dit verbrand. Die handvol meel is die teken van die hele offer. Dit ruik lekker vir die Here.

© Bible Society of South Africa.

16Aäron en sy seuns moet die meel eet wat oorbly. Hulle moet ongesuurde brood daarvan bak en hulle moet dit op ’n gewyde plek eet, op die oop stuk grond by die tempel.

17Hulle mag nie die brood met suurdeeg bak nie. Dit is wat die priesters moet kry van die vuur-offers. Dit is hoog-gewyd, soos die sonde-offer en die skuld-offer.

18Elke man en seun van die nageslag van Aäron mag hierdie brood eet, hy en sy nageslag. Dit kom uit die vuur-offers vir die Here. Alles wat daaraan raak, word gewyd.”

Die koring-offer van die priesters

19Die Here het vir Moses gesê:

20“Op die dag wanneer jy vir Aäron salf, moet hy en sy seuns hierdie offer vir die Here gee: een tiende van ’n efa van die beste meel. Hulle moet altyd hierdie offer bring, die helfte van die offer in die oggend en die helfte van die offer in die aand.

21Hy moet die meel met olyf-olie meng en hy moet dit op ’n bakplaat bak. Dan moet hy die brood in stukkies breek en hy moet dit vir die Here gee. Dit is ’n koring-offer wat lekker ruik vir die Here.

22Jy moet ’n priester van die nageslag van Aäron salf om hoëpriester te wees. Hy moet altyd die koring-offer offer. Die offer behoort aan die Here, dit moet heeltemal verbrand word.

23Elke koring-offer van ’n priester moet heeltemal verbrand word. Hulle mag dit nie eet nie.”

Die sonde-offer

24Die Here het vir Moses gesê:

25“Jy moet vir Aäron en sy seuns sê wat hulle met die sonde-offer moet doen. Hulle moet die dier wat die sonde-offer moet wees, voor die Here slag op dieselfde plek waar hulle die diere vir die brand-offer slag. Die sonde-offer is hoog-gewyd.

26Die priester wat die dier offer om ’n sonde-offer te wees, moet die vleis eet op ’n gewyde plek, op die oop stuk grond by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

27Elkeen wat aan die dier se vleis raak, word gewyd. Wanneer van die dier se bloed op iemand se klere spat, dan moet jy die klere op ’n gewyde plek was.

28As jy die vleis gekook het in ’n kleipot, dan moet jy die pot breek. As jy dit in ’n brons pot gekook het, dan moet jy die pot skuur en was.

29’n Priester, ’n man of ’n seun, mag van die vleis eet. Die vleis is hoog-gewyd.

© Bible Society of South Africa.

30Maar wanneer julle die bloed van ’n sonde-offer in die tent bring waar die Here aan die Israeliete verskyn, en julle gebruik daardie bloed om versoening te doen in die tempel, dan mag julle nie die vleis eet nie, julle moet dit verbrand.”

Levitikus 7

Die skuld-offer

1Die Here het vir Moses gesê: “Dit is wat die priesters met die skuld-offer moet doen, die skuld-offer is hoog-gewyd:

2Hulle moet die dier wat die skuld-offer moet wees, slag op dieselfde plek waar hulle die diere vir die brand-offer slag.

3Die priester moet al die vet van die dier offer, die stertvet en die vet wat oor die binnegoed is.

4Hy moet ook die twee niere offer, en die vet wat aan die niere is by die kruis, en ook die punt van die lewer wat hy saam met die niere uitsny.

5Die priester moet dit op die altaar verbrand. Dit is ’n vuur-offer vir die Here, dit is ’n skuld-offer.

6’n Man of ’n seun van die priesters se familie mag die vleis van die skuld-offer eet. Hulle moet dit eet op ’n gewyde plek, dit is hoog-gewyd.

7Hulle moet dieselfde doen met die skuld-offer soos met die sonde-offer. Die priester wat versoening doen, kry dit.

8“Die priester wat iemand se brand-offer offer, mag die vel kry van die dier wat hy ge-offer het.

9Elke koring-offer wat iemand in ’n oond bak of gereedmaak in ’n pan of op ’n bakplaat, behoort aan die priester wat dit ge-offer het.

10Elke ander koring-offer, die koring-offer wat hulle met olyf-olie gemeng het, en die koring-offer wat droog is, behoort aan die priesters van die nageslag van Aäron, enige een van hulle kan dit kry.”

Die ete-offer

11“En dit is hoe iemand vir die Here ’n ete-offer moet bring:

12As hy offer om vir die Here dankie te sê, dan moet hy saam met die dank-offer ook ongesuurde rondebrood van meel offer. Hy moet dit meng met olyf-olie, ongesuurde roosterkoek waarop hy olyf-olie gesmeer het, en rondebrood van die beste meel wat hy gemeng het met olyf-olie.

13Saam met die dank-offer, sy ete-offer, moet hy ook ’n offer bring van rondebrood wat hy met suurdeeg gebak het.

© Bible Society of South Africa.

14Hy moet ’n deel van alles wat hy offer, vir die Here present gee. Die priester wat die bloed van die ete-offers sprinkel, moet dit kry.

15Die persoon wat die offer bring en sy mense moet die vleis vir die dank-offer, die ete-offer, op-eet op die dag wanneer hy dit bring. Daar mag niks oorbly tot die volgende dag nie.

16As hy offer omdat hy ’n gelofte gemaak het of omdat hy self besluit het om ’n offer te bring, dan eet hulle die vleis op die dag wanneer hy die offer bring, maar as daar vleis oorbly, dan mag hulle dit die volgende dag eet.

17As daar dan nog vleis oorbly tot die derde dag, dan moet hulle dit verbrand.

18As iemand op die derde dag van die vleis eet, dan sal die Here nie die offer aanvaar nie. Dit sal wees soos wanneer die persoon nie ’n offer gebring het nie. Die Here sal dit haat, en Hy sal die persoon straf wat die vleis eet.

19Niemand mag vleis eet wat geraak het aan iets wat onrein is nie, hulle moet die vleis verbrand. Iemand wat rein is, mag vleis eet wat rein is.

20As iemand onrein is en hy eet saam by die offer-ete, dan moet julle hom afsny van sy volk.

21Iemand raak miskien aan iets wat onrein is, dit is miskien ’n mens of ’n dier wat onrein is, of iets anders wat die Here haat. As die persoon dan van die vleis eet wat aan die Here behoort, die vleis van die ete-offer, dan moet julle hom afsny van sy volk.”

Die Israeliete mag nie vet of bloed eet nie

22Die Here het vir Moses gesê:

23“Jy moet vir die Israeliete sê: Julle mag nooit vet van ’n bees of ’n skaap of ’n bok eet nie.

24Wanneer ’n dier gevrek het, of wanneer ’n wilde dier dit doodgemaak het, dan mag julle die vet gebruik vir julle werk, maar julle mag glad nie die vet eet nie.

25Ja, julle moet enige iemand afsny van sy volk wanneer hy die vet eet van ’n dier wat iemand vir die Here op die altaar ge-offer het.

26“Julle mag ook nooit bloed eet nie, oral waar julle woon, nie ’n voël se bloed nie en ook nie ’n dier se bloed nie.

27Julle moet enige iemand wat bloed eet, afsny van sy volk.”

Die dele van die ete-offers wat die priesters moet kry

28Die Here het vir Moses gesê:

29“Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer iemand vir die Here ’n ete-offer bring, dan moet hy ’n deel van die vleis vir die Here offer.

© Bible Society of South Africa.

30Hy moet self die vet en die bors van die dier vir die Here gee. Die bors moet ’n beweeg-offer vir die Here wees.

31Die priester moet die vet op die altaar verbrand, en Aäron en sy seuns moet die bors kry.

32Julle moet die regter-boud van die ete-offer ook vir die priesters present gee.

33Die priester wat die bloed en die vet van die ete-offer verbrand, moet die regter-boud kry,

34want Ek het die bors van die beweeg-offer en die boud geneem van die Israeliete en Ek het dit vir die priester Aäron en sy seuns gegee. Die boud is ’n present, dit is ’n deel van die ete-offers, en die Israeliete moet dit altyd gee.

35Dit is die dele wat Aäron en sy seuns moet kry van die vuur-offers van die Here. Hulle moet dit kry van die dag toe hulle gewy is om priesters van die Here te wees.

36Toe die Here die priesters gesalf het, het Hy gesê die Israeliete moet hierdie dele vir die priesters gee.

37“Dit is wat moet gebeur met die brand-offer, die koring-offer, die sonde-offer, die skuld-offer, die offer wanneer priesters gewy word, en die ete-offer.”

38Die Here het dit vir Moses gesê op Sinai-berg, in die Sinai-woestyn. Die Here het dit gedoen toe Hy gesê het dat die Israeliete offers vir Hom moet gee.

Levitikus 8

Moses wy die priesters

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet vir Aäron en sy seuns neem, en die klere, die salf-olie, die bul wat ’n sonde-offer moet wees, die twee skaap-ramme en die mandjie ongesuurde brood.

3En jy moet die hele volksvergadering laat bymekaarkom by die ingang van die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn.”

4Moses het gedoen wat die Here gesê het. Hy het die volksvergadering laat bymekaarkom by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

5Moses het vir die volksvergadering gesê: “Dit is wat die Here vir ons gesê het om te doen.”

6Daarna het Moses vir Aäron en sy seuns laat nader kom en hy het hulle gewas.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Toe het Moses vir Aäron die rok aangetrek, hy het die skouer-serp om Aäron vasgemaak, die bo-kleed om hom gedraai, die skouer-kleed oorgesit en die belt van die skouer-kleed om sy middellyf vasgemaak.

8Hy het die borssak vasgemaak en hy het die urim en tummim in die borssak gesit.

9Hy het die tulband op Aäron se kop gesit en voor op die tulband het hy die blom van goud gesit, die gewyde kroon, soos die Here vir Moses gesê het.

10Daarna het Moses die salf-olie geneem en hy het die tempel-tent en alles daarin gesalf en gewy.

11Hy het van die salf-olie sewe maal teen die altaar gespat en hy het die altaar en al die gereedskap van die altaar en die was-skottel en sy voetstuk gesalf en gewy.

12Toe het Moses van die salf-olie op Aäron se kop gegooi en hy het Aäron gesalf en gewy.

13Daarna het Moses die seuns van Aäron laat nader kom en hy het vir hulle die rokke aangetrek en die skouer-serpe omgesit en die kopdoeke om hulle koppe gebind, soos die Here vir Moses gesê het.

14Toe het Moses die bul nader gebring wat die sonde-offer moet wees. Aäron en sy seuns het hulle hande op die bul se kop gesit.

15Moses het die bul geslag. Hy het die bloed geneem en hy het van die bloed met sy vinger aan die horings van die altaar gesmeer. Hy het die altaar gereinig. Hy het toe die bloed wat oorgebly het, onder teen die altaar uitgegooi en so het hy dit gewy en versoening gedoen vir die altaar.

16Moses het al die vet geneem wat om die binnegoed was en ook die punt van die lewer en die twee niere en die vet aan die niere en hy het dit op die altaar verbrand.

17Hy het die vel en vleis van die bul en die pensmis buite die kamp verbrand, soos die Here vir hom gesê het.

18Daarna het Moses die skaap-ram nader gebring wat ’n brand-offer moes wees, en Aäron en sy seuns het hulle hande op die ram se kop gesit.

19Toe het Moses die ram geslag en hy het die bloed rondom teen die altaar gespat.

20Hy het die ram in stukke gesny en hy het die kop en die stukke vleis en die vet verbrand.

21Hy het die binnegoed en die pote gewas en hy het dit ook verbrand. Hy het die hele ram op die altaar verbrand. Dit was ’n brand-offer, ’n vuur-offer, soos die Here vir Moses gesê het. Dit ruik lekker vir die Here.

22Moses het die ander skaap-ram nader gebring, dit was die ram om die priesters te wy. Aäron en sy seuns het hulle hande op die ram se kop gesit.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Moses het die ram geslag en hy het van die bloed gesmeer aan Aäron se regter-
oor, sy regter-duim en sy regter-groottoon.

24Toe het hy die seuns van Aäron laat nader kom en hy het ook aan hulle regter-ore,
regter-duime en regter-groottone bloed gesmeer. Daarna het hy die ander bloed
teen die altaar gespat, hy het dit oral rondom die altaar gespat.

25Hy het die vet geneem, die vetstert en al die vet aan die binnegoed en ook die punt
van die lewer en die twee niere en die vet wat aan die niere is en die regter-boud.

26Daar was ongesuurde brood in ’n mandjie by die altaar. Moses het een ongesuurde
rondebrood uit die mandjie geneem, en ook een rondebrood met olyf-olie en een
roosterkoek, en hy het dit by die vet en die regter-boud gesit.

27Toe het hy alles op Aäron en sy seuns se hande gesit en hy het dit heen en weer
voor die Here beweeg om ’n beweeg-offer te wees.

28Toe het Moses dit by hulle geneem en hy het dit op die altaar verbrand saam met
die brand-offer. Dit was ’n offer om die priesters te wy, dit was ’n vuur-offer, dit ruik
lekker vir die Here.

29Moses het die bors van die skaap-ram geneem en hy het dit heen en weer voor die
Here beweeg om ’n beweeg-offer te wees. Die bors van die ram was die deel wat
Moses kon kry, soos die Here vir hom gesê het.

30Toe het Moses van die salf-olie geneem en van die bloed op die altaar, en hy het
dit gespat op Aäron en sy seuns en op hulle klere. So het hy hulle en hulle klere
gewy.

31Moses het vir Aäron en sy seuns gesê: “Julle moet die vleis gaarmaak by die ingang
van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, en julle moet dit daar eet saam
met die brood wat in die mandjie is. Die Here het vir my gesê dat Aäron en sy seuns
dit moet eet.

32Julle moet die vleis en brood wat oorbly, verbrand.

33Julle mag sewe dae lank nie weggaan van die ingang van die tent nie. Julle moet
daar bly totdat die tyd verby is om julle te wy, want om julle te wy, hou sewe dae
lank aan.

34Die Here het gesê ons moet hierdie dinge doen soos ons dit vandag gedoen het om
vir julle versoening te doen.

35Julle moet sewe dae lank elke dag en nag by die ingang van die tent bly en julle
moet doen wat die Here gesê het, dan sal julle nie sterf nie.”

36Aäron en sy seuns het alles gedoen wat die Here vir Moses gesê het om vir hulle te
sê.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Levitikus 9

Die priesters begin om hulle werk te doen

1Op die dag nadat Moses die priesters gewy het, het hy vir Aäron en sy seuns en die leiers van Israel geroep,

2en hy het vir Aäron gesê: “Jy moet ’n gesonde bul-kalf neem om ’n sonde-offer te wees en ook ’n gesonde skaap-ram om ’n brand-offer te wees, en jy moet hulle vir die Here offer.

3Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Julle moet ’n gesonde bok-ram neem om ’n sonde-offer te wees en julle moet ’n gesonde jaaroud kalf en ’n skaap-lam neem om ’n brand-offer te wees.

4En julle moet ’n bul en ’n skaap-ram vir die Here offer om ete-offers te wees, en ook ’n koring-offer van meel wat julle met olyf-olie gemeng en geknie het, want vandag sal julle die lig sien wat om die Here, die Koning, is.’ ”

5Die Israeliete het gegaan na die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn en hulle het alles wat Moses gesê het, na die voorkant van die tempel gebring. Die hele volksvergadering het nader gekom en hulle het voor die Here kom staan.

6Moses het gesê: “Dit is wat die Here gesê het julle moet doen sodat julle die lig kan sien wat om die Here, die Koning, is.”

7Toe sê Moses vir Aäron: “Kom na die altaar en offer jou sonde-offer en jou brand-offer en doen versoening vir jouself en vir die volk. Jy moet die offer van die volk offer en jy moet vir hulle versoening doen, soos die Here gesê het.”

8Aäron het na die altaar gekom en hy het die kalf geslag wat sy eie sonde-offer moes wees.

9Aäron se seuns het die bloed vir hom gebring. Hy het sy vinger in die bloed gesteek en hy het bloed aan die horings van die altaar gesmeer. Hy het die bloed wat oorgebly het, onder teen die altaar uitgegooi.

10Hy het die vet en die niere en die punt van die lewer van die kalf op die altaar verbrand, soos die Here vir Moses gesê het.

11Hy het die vleis en die vel van die kalf buite die kamp verbrand.

12Daarna het Aäron die skaap-ram geslag wat ’n brand-offer moes wees. Sy seuns het die bloed vir hom gebring, en hy het die bloed rondom teen die altaar gespat.

13Sy seuns het vir hom die stukke vleis en die kop van die ram gebring, en hy het dit op die altaar verbrand.

14Hy het die binnegoed en die pote afgewas en hy het dit saam met die vleis en die kop op die altaar verbrand.

© Bible Society of South Africa.

15Daarna het Aäron die offer van die volk ge-offer. Hy het die bok-ram geneem wat die sonde-offer van die volk moes wees en hy het dit geslag en ge-offer soos hy sy eie offer ge-offer het.

16Toe het hy die brand-offer gebring en hy het daarmee gedoen wat hy moes doen.

17Hy het die koring-offer gebring. Hy het ’n handvol daarvan geneem en hy het dit op die altaar verbrand. Hy het ook die oggend-offer gebring.

18Daarna het hy die bul en die skaap-ram geslag wat die ete-offers van die volk moes wees. Sy seuns het die bloed vir hom gebring, en hy het die bloed teen die altaar gespat, oral rondom die altaar.

19Hulle het die vet van die bul en die ram gebring, en ook die vetstert, die netvet, die niere en die punt van die lewer.

20Hulle het dit neergesit op die bors-stukke. Daarna het Aäron die vet verbrand op die altaar.

21Aäron het die bors-stukke en die regter-boude heen en weer beweeg voor die Here om ’n beweeg-offer te wees, soos die Here vir Moses gesê het.

22Daarna het Aäron sy hande opgetel en hy het die volk geseën. Hy het teruggekom nadat hy die sonde-offers en die brand-offers en die ete-offers klaar ge-offer het.

23Moses en Aäron het ingegaan in die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. Die hele volk het die lig gesien wat om die Here, die Koning, was.

24’n Vuur het van die Here gekom, en dit het die brand-offer en die vet op die altaar verbrand.

Levitikus 10

Nadab en Abihu

1Aäron se seuns Nadab en Abihu het hulle wierook-panne geneem. Elkeen het sy wierook-pan vol vuurkole gemaak en hy het wierook bo-op gesit, en toe het hulle dit na die altaar gebring. Maar die Here het nie gesê hulle moet daardie vuur gebruik nie.

2Daar het toe vuur van die altaar gekom en dit het die twee seuns van Aäron verbrand. Hulle het daar voor die Here gesterf.

3Moses het vir Aäron gesê: “Dit is wat die woorde van die Here beteken het toe hy gesê het: “Die mense wat vir My offers bring, moet weet dat Ek ’n heilige God is, die hele volk moet sien dat Ek die Koning is.” Aäron het stilgebly.

© Bible Society of South Africa.

4Misael en Elsafan was die seuns van Aäron se broer Ussiël. Moses het hulle geroep
en hy het vir hulle gesê: “Kom hier, dra julle neefs weg voor die tempel-tent, neem
hulle uit na buite die kamp.”

5Misael en Elsafan het gekom en hulle het vir Nadab en Abihu uit die kamp gedra,
soos Moses gesê het. Nadab en Abihu het nog hulle rokke aangehad.

6Daarna het Moses vir Aäron en sy ander seuns Eleasar en Itamar gesê: “Julle moenie
julle hare deurmekaar laat bly en julle moenie julle klere skeur om te wys dat
julle rou nie, want as julle dit doen, dan sal julle sterf, en die Here sal kwaad wees vir
al die Israeliete. Die ander priesters en al die Israeliete mag huil omdat die Here vir
Nadab en Abihu laat verbrand het.

7Julle mag ook nie weggaan van die ingang van die tent waar die Here aan die
Israeliete verskyn nie, want die salf-olie van die Here is op julle.” Aäron en sy seuns
het gedoen soos Moses gesê het.

Die priesters mag nie wyn drink wanneer hulle by die tempel-tent werk nie

8Die Here het vir Aäron gesê:

9“Jy en jou seuns mag nie wyn of bier drink wanneer julle na die tent kom waar Ek
aan die Israeliete verskyn nie. As julle dit doen, dan sal julle sterf. Julle en
julle nageslag mag dit nooit doen nie.

10Daar is dinge wat gewy is en daar is dinge wat nie gewy is nie. Julle moet wys dat
hulle nie dieselfde is nie. Daar is ook dinge wat onrein is en daar is dinge wat rein is.
Julle moet wys dat hulle nie dieselfde is nie.

11Julle moet vir die Israeliete alles leer wat Ek wil hê hulle moet doen. Ek het vir
Moses gestuur om dit vir die Israeliete te sê.”

Die priesters mag van die hoog-gewyde dinge eet

12Aäron het twee seuns gehad wat nog gelewe het, hulle name was Eleasar en
Itamar. Moses het vir Aäron en sy twee seuns gesê: “Julle moet die koring-offer
neem wat oorgebly het van die vuur-offers vir die Here, en julle moet dit langs
die altaar eet, want dit is hoog-gewyd. Daar moenie suurdeeg in die brood van die
koring-offer wees nie,

13en julle moet dit eet op ’n gewyde plek. Dit is die deel wat jy en jou seuns kry van
die vuur-offers vir die Here, soos ek gesê het.

14Julle mag die bors-stuk van die beweeg-offer kry en ook die boud wat ’n present is,
julle moet dit eet op ’n rein plek, jy en jou seuns en jou dogters. Dit is die deel wat
julle kry van die ete-offers van die Israeliete.

15Hulle moet die boud wat ’n present is en die bors van die beweeg-offer bring saam
met die vet vir die vuur-offer en hulle moet dit beweeg voor die Here om ’n beweeg-

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

offer te wees. Dit is die deel wat jy en jou seuns altyd moet kry, soos die Here gesê het."

16Toe Moses vra waar die bok is wat 'n sonde-offer moes wees, was dit al klaar verbrand. Moses was kwaad vir Eleasar en Itamar, die seuns van Aäron wat nog gelewe het. Moses het gesê:

17"Julle moes die sonde-offer in die gewyde plek geëet het. Hoekom het julle dit nie daar geëet nie? Want dit is hoog-gewyd, en die Here het dit vir julle gegee om die sonde van die volk weg te neem en om vir hulle versoening te doen voor die Here.

18Iemand het nie die bloed van daardie bok ingeneem in die tempel-tent nie. Julle moes dit geëet het in die gewyde plek, soos ek gesê het."

19Aäron het vir Moses gesê: "Kyk, hulle het vandag hulle sonde-offer en hulle brand-offer vir die Here gebring, maar jy weet wat vandag met my gebeur het. Dink jy die Here sou tevrede gewees het as ek vandag die sonde-offer geëet het? Nee!"

20Moses was tevrede toe hy dit hoor.

Levitikus 11

Die Israeliete mag net rein diere en rein voëls eet

1Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

2"Julle moet vir die Israeliete sê: Julle mag net party diere eet, julle mag nie van al die diere op die aarde eet nie.

3Julle mag enige dier eet wat gesplete hoewe het en wat herkou.

4-6Daar is ook diere wat herkou maar wat nie gesplete hoewe het nie. Julle mag hulle nie eet nie, hulle is onrein vir julle. Dit is kamele, dassies en hase.

7Varke het gesplete hoewe, maar hulle herkou nie. Hulle is onrein vir julle.

8Julle mag nie hierdie diere se vleis eet nie en julle mag nie aan hulle dooie liggame raak nie, hulle is onrein vir julle.

9"Julle mag eet van die diere in die water, in die see en in die riviere as die diere vinne en skubbe het.

10Maar as die diere wat in die see en in die riviere is, nie vinne en skubbe het nie, dan mag julle niks eet van hulle nie, niks van al die baie klein diertjies wat in die water lewe nie.

11Julle mag nooit van hulle eet nie. Julle mag nie hulle vleis eet nie en julle mag nie aan hulle dooie liggame raak nie.

12Julle mag nie iets eet wat nie vinne en skubbe het nie.

© Bible Society of South Africa.

13-19“Julle mag nie van hierdie voëls eet nie, julle moenie aan hulle raak nie: arende, aasvoëls, vis-arende, valke, kraaie, volstruise, seemeeue, uile, pelikane, visvangers, duikers, ooievaars, reiers en hoep-hoepe. Julle mag ook nie vlermuise eet nie,

20ook nie die klein diertjies wat vlerke en pote het nie.

21Maar julle mag eet van die klein diertjies wat vlerke en pote het, as die diertjies kan spring.

22Hierdie diertjies wat julle mag eet, is al die soorte sprinkane.

23Julle mag nie raak aan die ander diertjies wat vlerke en pote het nie.

24Hulle sal julle onrein laat word. Enige iemand wat raak aan die dooie liggaam van so ’n diertjie, sal onrein wees tot die aand.

25Iemand wat die dooie liggaam van so ’n diertjie optel, moet sy klere was. Hy sal onrein wees tot die aand.

26“’n Dier wat nie herkou nie en wat hoewe het wat nie heeltemal gesplete is nie, sal julle onrein laat word. Iemand wat aan hierdie diere raak, sal onrein wees.

27’n Dier wat nie kloue het nie, is onrein vir julle, en iemand wat raak aan die dooie liggaam van so ’n dier, sal onrein wees tot die aand.

28Iemand wat die dooie liggaam van so ’n dier optel, moet sy klere was, en hy sal onrein wees tot die aand. Hierdie diere is onrein vir julle.

29-30“Hierdie klein diertjies wat op die aarde kruip, is vir julle onrein: molle, muise, akkedisse, geitjies, likkewane en verkleurmannetjies.

31Hulle is die onrein klein diertjies. Iemand wat aan een van hierdie diertjies se dooie liggaam raak, sal onrein wees tot die aand.

32Wanneer een van hierdie diertjies se dooie liggaam op iets val, dan sal dit onrein wees. Dit is miskien iets van hout of lap of vel of growwe materiaal, of enige iets wat mense gebruik. Julle moet dit in water druk, en dit sal onrein wees tot die aand.

33Wanneer so ’n diertjie in ’n kleipot val, dan sal alles in die pot onrein wees, en julle moet die pot breek.

34As daar water in die kleipot was en die water kom op kos, dan sal die kos onrein wees. As daar iets in die kruik was wat ’n mens kan drink, dan sal dit onrein wees

35As die diertjies se dooie liggame op enige iets val, dan sal dit alles onrein wees. As dit op ’n oond of op ’n kookplek val, dan moet julle die oond of kookplek stukkend slaan. Dit is onrein en dit sal vir julle onrein bly.

36As ’n dooie diertjie in ’n fontein of ’n watergat val en iemand raak aan die dooie diertjie, dan sal die persoon onrein wees, maar die water sal rein wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

37As ’n dooie diertjie op saad val wat iemand wil saai, dan bly die saad rein.

38Maar as iemand water op die saad gooi en ’n dooie diertjie val daarop, dan sal die saad onrein wees vir julle.

39“As een van die diere wat julle mag eet, doodgaan, en iemand raak miskien aan die dooie dier, dan sal hy onrein wees tot die aand.

40Mense wat vleis van die dooie dier eet of wat die dooie dier optel, moet hulle klere was en hulle sal onrein wees tot die aand.

41“Julle mag nie raak aan die baie klein diertjies op die grond nie, julle mag hulle nie eet nie.

42Julle mag nie raak aan die diertjies wat op hulle pens seil of wat op pote loop of wat baie pote het nie. Julle mag nie raak aan een van al hierdie baie diertjies nie, julle mag hulle nie eet nie.

43Julle mag nie aan een van die diertjies raak nie, want dan sal julle onrein word, en dan mag niemand anders aan julle raak nie.

44Ja, Ek is julle God die Here. Julle moet julleself aan My wy en julle moet gewyd wees, want Ek is heilig. Nie een van die baie klein diertjies op die grond mag vir julle onrein laat word nie.

45Ja, Ek is die Here wat vir julle uit die land Egipte gebring het om vir julle ’n God te wees. Julle moet aan My gewy wees, want Ek is heilig.

46Dit is die wette oor diere en voëls en oor alles wat in die water lewe en oor al die baie klein diertjies op die grond.

47Julle moet weet watter dinge is rein en watter dinge is onrein. Julle moet ook weet watter diere mag julle eet en watter diere mag julle nie eet nie. Almal is nie dieselfde nie.”

Levitikus 12

Vroue wat kinders kry

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer ’n vrou swanger word en sy kry ’n seun, dan sal sy sewe dae lank onrein wees. Dit sal wees soos wanneer sy menstrueer.

3Sy moet die seuntjie laat besny op die agste dag.

4Wanneer sy opgehou het om te bloei, dan moet sy nog 33 dae lank wag om heeltemal rein te word. In hierdie tyd mag sy nie raak aan iets wat gewyd is nie en sy mag nie in die gewyde plek kom nie.

© Bible Society of South Africa.

5“As sy ’n dogter kry, dan sal sy twee weke lank onrein wees soos wanneer sy menstrueer. Sy moet 66 dae lank wag om heeltemal rein te word, wanneer sy opgehou het om te bloei.

6“Wanneer die tyd verby is en sy is weer rein, dan moet sy ’n jaaroud lam bring om ’n brand-offer te wees en ’n makduif of ’n tortelduif om ’n sonde-offer te wees. Sy moet dit na die priester toe bring by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

7Die priester moet dan die lam en die duif offer vir die Here. So moet hy versoening doen vir die vrou. Daarna is sy rein nadat sy opgehou het om te bloei. Dit is wat moet gebeur met ’n vrou wat ’n baba kry.

8As sy nie ’n skaap kan bring nie, dan moet sy twee tortelduiwe of twee makduiwe bring. Die een duif is ’n brand-offer en die ander duif is ’n sonde-offer. So moet die priester versoening doen vir haar en sê dat sy weer rein is.”

Levitikus 13

Velsiektes

1Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

2“Daar is miskien op iemand se vel ’n plek wat begin swel, of daar is ’n skurwe plek of ’n vlek op sy vel. As dit lyk of die seerplek miskien melaats is, dan moet sy mense hom bring na die priester Aäron of na een van Aäron se seuns, een van die priesters.

3Die priester moet kyk na die seerplek. As die hare op die seerplek wit geword het en as dit lyk of die seerplek dieper is as die vel, dan is die seerplek melaats. Nadat die priester na die persoon gekyk het, moet hy sê dat die persoon onrein is.

4“Partymaal is die vlek op die vel wit en dit lyk of dit nie dieper is as die vel nie. As die hare op die vlek nie wit geword het nie, dan moet die priester die persoon sewe dae lank toesluit.

5Die priester moet op die sewende dag weer na die persoon kyk, en as hy sien dat die seerplek op die vel nie groter geword het nie, dan moet hy die persoon nóg sewe dae toesluit.

6Die priester moet ná sewe dae weer na die persoon kyk, en as die seerplek dof is en dit het nie groter geword nie, dan moet die priester sê dit is ’n ander velsiekte, die persoon is rein. Die persoon moet sy klere was, dan sal hy rein wees.

7“Maar as die skurwe plek groter geword het nadat die persoon by die priester was en as die priester gesê het dat hy rein is, dan moet die persoon weer na die priester toe kom.

© Bible Society of South Africa.

8Die priester moet kyk, en as die skurwe plek op die vel groter geword het, dan is die persoon melaats, en die priester moet dan sê die persoon is onrein.

9“Wanneer iemand ’n seerplek het wat miskien melaats is, dan moet sy mense hom na die priester toe bring.

10Die priester moet na die seerplek kyk. As die seerplek op die vel wit is en dit is geswel, en die hare op die seerplek is wit, en as die seerplek rou is,

11dan is die seerplek melaats. Die priester moet dan sê dat die persoon onrein is. Hy moet hom nie toesluit nie, want hy weet die persoon is onrein.

12“Maar as dit vir die priester lyk of die siekte op die persoon se hele liggaam is, van sy kop tot by sy tone,

13dan moet die priester goed kyk, en as hy sien dat die vel op die persoon se hele liggaam wit geword het, dan moet hy sê dat die persoon rein is.

14Maar wanneer die persoon ’n rou seerplek het, dan is hy onrein.

15Wanneer die priester die rou seerplek sien, dan moet hy sê dat die persoon onrein is. Die rou seerplek wys dat dit melaats is.

16Wanneer die rou seerplek weer wit word, dan moet die persoon weer na die priester toe gaan,

17en as die priester sien dat die seerplek weer wit is, dan moet die priester sê dat die persoon rein is.

18Iemand het miskien ’n seerplek gehad wat gesond geword het,

19en dan begin dit weer swel en dit is wit waar die seerplek was, of die seerplek word miskien pienk. Dan moet die persoon dit vir die priester gaan wys.

20As die priester sien dat die seerplek dieper is as die vel en dat die hare daarop wit geword het, dan moet die priester sê dat die persoon onrein is. Die seerplek het melaats geword.

21Maar as die priester sien dat die hare op die plek nie wit is nie en dat die seerplek nie dieper is as die vel nie en dat dit dof geword het, dan moet die priester die persoon sewe dae lank toesluit.

22As die seerplek groter geword het, dan moet die priester sê die persoon is onrein, hy het ’n velsiekte.

23Maar as die vlek nie groter geword het nie, dan is dit net die plek waar die seerplek voorheen was, en die priester moet sê dat die persoon rein is.

24“Wanneer iemand ’n brandplek op sy vel het, en dit word ’n pienk seerplek,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25dan moet die priester na die seerplek kyk. As die hare op die seerplek wit geword het, en as die seerplek lyk of dit dieper is as die vel, dan het die brandplek melaats geword. Die priester moet sê die persoon is onrein, want hy is melaats.

26As die priester na die seerplek kyk, en die hare op die plek is nie wit nie, en die seerplek is nie dieper as die vel nie en dit is nie meer rooi nie, dan moet die priester die persoon sewe dae lank toesluit.

27Die priester moet op die sewende dag weer na die seerplek kyk. As die seerplek groter geword het, dan moet die priester sê dat die persoon onrein is, hy is melaats.

28As die seerplek nie groter geword het nie en dit is nie meer rooi nie, dan is dit die merk wat oorgebly het waar die brandplek was. Die priester moet sê die persoon is rein.

29"'n Persoon het miskien 'n seerplek aan sy kop of in sy baard.

30Die priester moet kyk na die seerplek, en as die seerplek dieper is as die vel, en daar is geel, fyn haartjies op die seerplek, dan moet die priester sê die persoon is onrein.

31Maar as die priester na die seerplek kyk, en dit lyk of die seerplek nie dieper is as die vel nie, maar daar is nie swart hare in die seerplek nie, dan moet die priester die persoon wat die seerplek het, sewe dae lank toesluit.

32Die priester moet op die sewende dag weer kyk. As die seerplek nie groter geword het nie, en daar is nie geel hare in die seerplek nie, en die seerplek is nie dieper as die vel nie,

33dan moet die persoon sy hare en sy baard afskeer, maar hy moenie die hare in die seerplek afskeer nie. Die priester moet die persoon dan weer sewe dae lank toesluit.

34As die priester op die sewende dag weer na die seerplek kyk, en die seerplek het nie groter geword nie en die seerplek is nie dieper as die vel nie, dan moet die priester sê die persoon is rein. Die persoon moet sy klere was. Hy is rein.

35Wanneer die seerplek groter word nadat die priester gesê het die persoon is rein,

36dan moet die priester weer na hom kyk. As die seerplek groter geword het, dan moet die priester nie ook kyk of die hare geel is nie. Hy weet dan dat die persoon onrein is.

37Maar as die priester sien die seerplek het nie groter geword nie en daar het swart hare gegroei op die seerplek, dan is dit gesond. Die persoon is rein, en die priester moet sê die persoon is rein.

38"As daar wit vlekke op 'n persoon se vel is,

© Bible Society of South Africa.

39dan moet die priester daarna kyk. As hy sien die wit vlekke is dof, dan is dit nie ’n ernstige velsiekte nie, die persoon is rein.

40“Wanneer ’n persoon se hare uitval en hy word kaalkop, dan is hy nog rein,

41en as die hare op sy voorkop uitval en hy word bles, dan is hy nog rein.

42Maar as daar op die kaal kopvel ’n seerplek is wat pienk is, dan is dit miskien melaats.

43Die priester moet daarna kyk, en as hy sien die seerplek op die kaal kopvel is geswel en pienk soos wanneer die vel melaats is,

44dan is die persoon melaats. Daar is ’n seerplek op sy kop, en hy is onrein. Die priester moet sê die persoon is onrein.

45“Iemand wat melaats is, moet sy klere skeur en hy moet sy hare los laat hang. Hy moet sy snor en sy baard toe hou en hy moet skree: ‘Ek is onrein! Ek is onrein!’

46Hy is onrein so lank soos hy die seerplek het. Hy moet alleen woon, buite die kamp.”

Kolle op klere of materiaal of op iets wat gemaak is van vel

47“Daar kom miskien kolle op wolklere of op linne-klere,

48of op materiaal, of op iets wat gemaak is van vel.

49As daardie kolle groen of rooi is, dan is dit skimmel. Die priester moet daarna kyk.

50As die priester daarna gekyk het, dan moet hy die klere of materiaal of ding van vel sewe dae lank toesluit.

51As hy op die sewende dag sien die kolle het meer geword, dan is dit slegte skimmel, en die klere of materiaal of die ding van vel is onrein.

52Die priester moet die klere of materiaal of die ding van vel verbrand, want dit is slegte skimmel.

53Maar as die priester sien die kolle daarop het nie meer geword nie,

54dan moet die priester sê die persoon moet sy klere of materiaal of ding van vel was, en hy moet dit weer sewe dae lank toesluit.

55As die priester dan sien dat die kolle nie meer geword het nie maar dat dit nog dieselfde lyk, dan is die klere of materiaal of die ding van vel onrein, en hy moet sê dat die persoon dit moet verbrand. Dit maak nie saak of die kolle buite of binne op die klere of materiaal of die ding van vel was nie.

56Maar as die persoon dit gewas het, en die priester sien dat die kolle dof geword het, dan moet die priester die stuk waarop die kolle is, uitskeur.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

57As daar dan weer kolle kom op die klere of die materiaal of op die ding van vel, dan moet die persoon dit verbrand.

58As die persoon dit gewas het en daar is nie meer kolle op nie, dan moet die persoon dit weer was, dan is dit rein.

59Dit is wat moet gebeur wanneer daar kolle is op klere van wol of linne of op materiaal of op iets van wat van vel gemaak is. Die priester moet dan sê of dit rein of onrein is."

Levitikus 14

Hoe om iemand te reinig wat melaats was

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Dit is wat julle moet doen wanneer iemand melaats was en julle moet hom reinig: Julle moet hom na die priester toe bring.

3Die priester moet buite die kamp na die persoon gaan kyk. As die seerplek gesond is en nie meer melaats is nie,

4dan moet die priester sê die persoon moet twee rein voëls bring wat lewe, en ook 'n stukkie sederhout, rooi garing en 'n hisop-takkie.

5Die priester moet vir die persoon sê hy moet een voël se kop afsny oor 'n kleipot waarin vars water is.

6Dan moet die priester die voël neem wat nog lewe, en ook die stukkie sederhout, die rooi garing en die hisop-takkie, en hy moet dit druk in die bloed van die dooie voël.

7Hy moet van die bloed en water sewe maal spat op die persoon wat hy moet reinig. Daarna moet die priester sê die persoon is rein, en die priester moet na die veld gaan, en hy moet die voël wat nog lewe, daar los.

8Die persoon wat rein geword het, moet sy klere was en hy moet al sy hare afsny en homself was. Hy is dan rein en hy mag in die kamp kom, maar hy moet sewe dae lank buite sy tent bly.

9Op die sewende dag moet hy weer skeer. Hy moet al sy hare afskeer, sy hare, sy baard en sy ooghare, en hy moet sy klere en homself was. Dan is hy rein en dan mag hy in sy tent ingaan.

10Op die agste dag moet hy twee ram-lammers en 'n jaaroud ooi-lam na die priester toe bring. Die lammers moet almal gesond wees. Hy moet ook 'n koring-offer bring, die offer is drie tiendes van 'n efa van die beste meel, en hy moet een log olyf-olie bring.

© Bible Society of South Africa.

11Die priester wat die persoon moet reinig, moet dan die persoon en sy offers bring voor die Here by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

12Die priester moet dan een ram-lam neem en hy moet dit offer saam met die log olyf-olie. Dit is ’n skuld-offer, die priester moet dit heen en weer beweeg voor die Here, dit is ’n beweeg-offer.

13Die priester moet dan die ram-lam slag op dieselfde plek waar hulle die diere vir die sonde-offer en die brand-offer slag. Hy moet dit op die gewyde plek slag, want die priester kry ook die sonde-offer en hy kry ook die skuld-offer. Dit is ’n hoog-gewyde offer.

14Die priester moet dan van die bloed van die skuld-offer neem en hy moet dit smeer aan die regter-oor van die persoon wat hy moet reinig. Hy moet dit ook smeer aan sy regter-duim en sy regter-groottoon.

15Die priester moet dan van die olyf-olie neem in sy linker-hand

16en hy moet sy regter-vinger steek in die olie wat in sy linker-hand is. Hy moet die olie sewe maal voor die Here spat.

17Die priester moet dan van die olie wat in sy linker-hand is, smeer aan die regter-oor van die persoon wat hy moet reinig. Hy moet ook van die olie aan sy regter-duim en sy regter-groottoon smeer, bo-oor die bloed van die skuld-offer.

18Die priester moet dan die olie wat nog in sy hand oorgebly het, smeer aan die kop van die persoon wat hy moet reinig, en die priester moet voor die Here versoening doen vir die persoon.

19Daarna moet die priester die sonde-offer offer en hy moet versoening doen vir die persoon sodat die persoon nie meer onrein sal wees nie. Daarna moet die priester die lam slag vir die brand-offer

20en hy moet die brand-offer en die koring-offer op die altaar offer. Die priester moet so versoening doen vir die persoon, en die persoon sal dan rein wees.

21“As die persoon arm is en hy het nie geld om vir die lammers te betaal nie, dan moet hy een ram-lam bring om ’n skuld-offer te wees. Dit is ’n beweeg-offer, sodat die priester vir hom versoening kan doen. Hy moet ook een tiende van ’n efa van die beste meel bring wat hy met olyf-olie gemeng en geknie het. Dit is ’n koring-offer. Die persoon moet ook ’n log olyf-olie

22en twee tortelduiwe of twee makduiwe bring as hy dit kan koop. Een duif is vir ’n sonde-offer en een duif is vir ’n brand-offer.

23Die persoon moet dan die lam en die duiwe op die agste dag na die priester toe bring, die priester wat hom moet reinig, voor die Here, by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

© Bible Society of South Africa.

24Die priester moet die lam en die log olie neem en hy moet dit heen en weer voor die Here beweeg om ’n beweeg-offer te wees.

25Daarna moet die priester die lam slag wat ’n skuld-offer is. Hy moet van die bloed neem en dit smeer aan die regter-oor van die persoon wat hy moet reinig, en ook aan sy regter-duim en sy regter-groottoon.

26Daarna moet die priester van die olie in sy linker-hand gooi

27en hy moet met sy regter-vinger sewe maal van die olyf-olie voor die Here spat.

28Dan moet die priester van die olyf-olie wat in sy hand is, smeer aan die persoon se regter-oor en sy regter-duim en sy regter-groottoon, hy moet dit smeer bo-oor die bloed van die skuld-offer.

29Die priester moet dan die olie wat oorbly in sy hand, smeer aan die kop van die persoon wat hy moet reinig, en hy moet voor die Here versoening doen vir die persoon.

30Daarna moet die priester een tortelduif of een makduif offer.

31Die een duif moet ’n sonde-offer wees en die ander duif moet ’n brand-offer wees saam met die koring-offer. Die priester moet voor die Here versoening doen vir die persoon wat hy moet reinig.

32Dit is wat moet gebeur as iemand ’n melaatse seerplek gehad het en as hy nie geld het vir hierdie offers nie.”

Swamme aan mure

33Die Here het vir Moses en Äaron gesê:

34“Ek sal vir julle die land Kanaän gee om aan julle te behoort. Wanneer julle in die land kom en Ek laat ’n swam groei teen die mure van ’n huis in daardie land,

35dan moet die persoon kom aan wie die huis behoort, en hy moet vir die priester sê: ‘Ek sien daar is iets soos ’n swam teen my huis se mure.’

36Die priester moet dan sê hulle moet alles uit die huis neem voordat hy na die swam gaan kyk. Dan sal alles wat in die huis is, nie onrein word nie. Daarna moet die priester gaan kyk na die swam.

37As hy sien die swam teen die huis se muur is groen of rooi en dit lyk of dit dieper is as die muur,

38dan moet die priester uit die huis gaan en hy moet die huis sewe dae lank toesluit.

39Wanneer die priester op die agste dag terugkom en hy sien die swam het groter geword teen die huis se muur,

© Bible Society of South Africa.

40dan moet die priester sê hulle moet die klippe waarop die swam is, uithaal en hulle moet dit weggooi op ’n onrein plek buite die stad.

41Hulle moet die klei aan die binnekant van die huis se mure afkrap en hulle moet dit weggooi op ’n onrein plek buite die stad.

42Hulle moet dan ander klippe in die muur sit en hulle moet ander klei neem en die mure weer regmaak.

43Daar sal miskien weer ’n swam groei nadat hulle die klippe uitgebreek het en die klei afgekrap het en die muur weer reggemaak het.

44As die priester kom kyk en hy sien die swam is daar, dan is dit ’n slegte swam wat groei, dit is onrein.

45Dan moet hulle die hele huis afbreek en hulle moet die klippe en die klei weggooi op ’n onrein plek buite die stad.

46As die priester die huis toegesluit het, en iemand gaan in die huis in, dan is hy onrein tot die aand.

47Iemand wat in die huis slaap of eet, moet sy klere was.

48Nadat hulle die huis reggemaak het, moet die priester kom kyk. As hy sien die swam het nie weer teen die huis se muur gegroei nie, moet die priester sê die huis is rein, want die swam is weg.

49As die priester die huis wil reinig, moet hy twee voëls neem en ’n stukkie sederhout en rooi garing en ’n hisop-takkie.

50Hy moet een van die voëls slag oor vars water in ’n kleipot.

51Dan moet hy die sederhout en die hisop-takkie en die rooi garing en die voël wat nog lewe, neem en hy moet dit alles in die bloed en water druk. Hy moet van die bloed en die water sewe maal spat teen die huis.

52Die priester moet die bloed van die voël, en die water, en die voël wat nog lewe, en die sederhout en die hisop-takkie en die rooi garing gebruik om die huis te reinig.

53Daarna moet hy die voël wat nog lewe, in die veld los. So moet hy versoening doen vir die huis. Die huis sal dan rein wees.

54“Dit is wat moet gebeur wanneer iemand ’n seerplek kry wat miskien melaats is,

55of wanneer daar skimmel kom aan klere of swamme teen ’n huis se mure,

56of wanneer iemand ’n seerplek kry wat swel of ’n skurwe plek of ’n vlek aan sy vel.

57Die priester moet dan sê of dit rein of onrein is. Dit is die wette oor melaatsheid.”

Levitikus 15

© Bible Society of South Africa.

Mans en vroue wat onrein word

1Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

2“Julle moet vir die Israeliete sê: Wanneer daar iets nat kom uit ’n man se geslagsorgaan, dan maak dit hom onrein.

3Die man is onrein wanneer daar iets nat uit sy geslagsorgaan kom, wanneer dit aanhou uitloop én wanneer dit partymaal stop.

4’n Bed waarop hierdie man slaap en ’n ding waarop hy sit, word ook onrein.

5Iemand wat aan die bed raak, moet sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand.

6Iemand wat sit op iets waarop daardie man gesit het, moet sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand.

7Wanneer iemand aan daardie man raak, dan moet hy sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand.

8Wanneer daardie man op ’n rein persoon spoeg, dan moet die persoon sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand.

9As daardie man op enige iets ry, dan word dit onrein.

10Elke persoon wat raak aan iets waarop daardie man gesit het, moet sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand.

11As daardie persoon nie sy hande afgespoel het nie en hy raak aan ’n ander persoon, dan moet die ander persoon sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand.

12Julle moet ’n kleipot breek as daardie man aan die kleipot geraak het. As hy aan iets raak wat gemaak is van hout, dan moet julle dit was.

13Wanneer daardie man gesond geword het, dan moet hy sewe dae wag. Daarna moet hy sy klere was en hy moet homself bad in vars water, dan sal hy rein wees.

14Op die agste dag moet die man twee tortelduiwe of twee makduiwe neem en hy moet gaan na die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hy moet die duiwe daar voor die Here vir die priester gee.

15Die priester moet dan die duiwe offer, een duif om ’n sonde-offer te wees en een duif om ’n brand-offer te wees. So moet die priester vir die man versoening doen voor die Here.

16“As daar saad gekom het uit ’n man se geslagsorgaan, dan moet hy homself bad. Hy is onrein tot die aand.

17Hy moet die klere of vel was waarop die saad gekom het. Hy is onrein tot die aand.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18Wanneer ’n man by ’n vrou slaap en daar kom saad uit sy geslagsorgaan, dan moet
hulle altwee bad. Hulle is onrein tot die aand.

19“Wanneer ’n vrou menstrueer, dan is sy sewe dae lank onrein. Elkeen wat aan
haar raak, is onrein tot die aand.

20Enige iets waarop die vrou lê terwyl sy menstrueer, word onrein, en elke ding
waarop sy sit, word onrein.

21-23Elkeen wat raak aan die bed of die stoel of iets waarop die vrou gesit het, moet
sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand.

24Wanneer ’n man seks het met ’n vrou wat menstrueer, dan word hy ook onrein vir
sewe dae, en elke bed waarop hy lê, word onrein.

25Wanneer daar bloed uit ’n vrou kom in ’n tyd wanneer sy nie menstrueer nie, of as
die bloed aanhou uitkom nadat sy gemenstrueer het, dan is sy onrein so lank soos
die bloed uitkom.

26Elke bed waarop sy lê en elke ding waarop sy sit, sal onrein word, soos wanneer sy
menstrueer.

27Elkeen wat raak aan die bed of die ding waarop die vrou gesit het, sal onrein word,
hy moet sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand.

28Wanneer daar nie meer bloed uitkom nie, dan moet die vrou sewe dae wag,
daarna kan sy rein word.

29Op die agste dag moet sy twee tortelduiwe of twee makduiwe bring vir die priester
by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

30Die priester moet die duiwe offer, een duif om ’n sonde-offer te wees en een duif
om ’n brand-offer te wees. So moet hy versoening doen vir die vrou nadat sy onrein
was.

31Julle moet keer sodat die Israeliete nie onrein word nie, en sodat hulle nie
my tempel-tent wat by hulle is, onrein laat word nie. Want dan sal hulle moet sterf.

32Dit is wat moet gebeur wanneer daar saad of iets nat kom uit ’n man se
geslagsorgaan en hy word dan onrein.

33Dit is wat moet gebeur wanneer ’n vrou menstrueer, wanneer daar iets nat kom uit
die geslagsorgaan van ’n man of ’n vrou, en wanneer ’n man seks het met ’n vrou
wat onrein is.”

Levitikus 16

Die hoëpriester moet elke jaar versoening doen vir die Israeliete

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Die Here het met Moses gepraat. Dit was nadat die twee seuns van Aäron gesterf
het toe hulle te naby die Here gekom het.

2Die Here het vir Moses gesê: “Jy moet vir jou broer Aäron sê hy mag nie sommer
enige tyd kom in die gewyde kamer agter die gordyn nie. Die kis van die Here is
daar en die deksel is op die kis. Hy sal sterf as hy dit doen, want Ek verskyn in ’n wolk
bokant die deksel.

3Aäron mag net in die gewyde kamer kom wanneer hy ’n jong bul bring om
’n sonde-offer te wees en ook ’n skaap-ram om ’n brand-offer te wees.

4Hy moet die gewyde rok aantrek en hy moet ’n linne-broek dra. Hy moet die linne-
belt vasmaak en die tulband op sy kop sit, dit is die gewyde klere. Aäron moet
homself bad en hy moet daardie klere aantrek.

5Hy moet twee bok-ramme neem van die volksvergadering van die Israeliete, dit is
om sonde-offers te wees en hy moet een skaap-ram neem om ’n brand-offer te
wees.

6Aäron moet dan die bul offer, dit is ’n sonde-offer vir sy sondes, en hy
moet versoening doen vir homself en vir sy huisgesin.

7Daarna moet hy die twee bokke neem en hy moet hulle voor die Here laat staan by
die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

8Dan moet Aäron lootjies trek oor die bokke, een bok is vir die Here en een bok is
vir Asasel.

9Aäron moet dan die Here se bok nader bring, en hy moet dit offer om ’n sonde-offer
te wees.

10Hy moet die bok vir Asasel lewendig voor die Here laat staan sodat hy op die bok
versoening kan doen. Dan moet hy die bok vir Asasel in die woestyn stuur.

11Aäron moet dan die bul nader bring wat ’n sonde-offer vir homself is en hy moet
versoening doen vir homself en vir sy huisgesin. Hy moet die bul slag wat ’n sonde-
offer vir homself is.

12Hy moet ’n pan vol vuurkole neem van die altaar voor die Here, en hy moet ’n
handvol fyn wierook neem wat lekker ruik. Hy moet dit na agter die gordyn neem.

13Daar moet hy die wierook op die vuurkole sit sodat die wierook ’n rookwolk maak.
Die rook sal die deksel toemaak wat op die kis is waarin die tien gebooie is. As die
wolk nie die deksel toemaak nie, dan sal Aäron sterf.

14Hy moet dan van die bul se bloed neem en hy moet dit met sy vinger spat teen die
voorkant van die deksel. Hy moet sewe maal van die bloed teen die deksel spat.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Daarna moet Aäron die bok slag wat ’n sonde-offer vir die volk is. Hy moet die
bloed van die bok neem na agter die gordyn, en hy moet dieselfde doen met die bok
se bloed soos hy gedoen het met die bul se bloed. Hy moet die bloed spat teen die
voorkant van die deksel.

16So moet Aäron versoening doen in die gewyde kamer, want die Israeliete is onrein
en hulle het verkeerd gedoen. Hy moet versoening doen vir al hulle sondes, en hy
moet dit ook doen vir die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, want dit is
die tent wat by hulle bly, by hulle wat onrein is.

17In die tyd wanneer Aäron inkom om versoening te doen in die gewyde kamer en
totdat hy weer uitgaan, mag daar niemand anders wees in die tent waar die Here
aan die Israeliete verskyn nie. Aäron moet versoening doen vir homself en vir sy
huisgesin en vir die hele volk Israel.

18Daarna moet hy uitgaan na die altaar wat voor die Here is en hy moet daarop
versoening doen. Hy moet van die bul en die bok se bloed neem en hy moet dit
smeer aan die horings van die altaar.

19Hy moet sewe maal van die bloed teen die altaar spat. So moet hy die altaar reinig
en so moet hy die altaar wy.

20Wanneer hy klaar versoening gedoen het vir die gewyde kamer en vir die tent en
die altaar, dan moet hy die bok wat nog lewe, nader bring.

21Hy moet altwee sy hande op die bok se kop sit en hy moet daarop alles bely wat
die Israeliete verkeerd gedoen het, al hulle sondes. So moet hy die sondes op die bok
se kop sit en dan moet hy ’n persoon stuur wat die bok na die woestyn moet neem.

22Die bok moet al die sondes van die volk wegdra na die woestyn, en die persoon
moet die bok in die woestyn los.

23Daarna moet Aäron kom na die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hy
moet die linne-klere uittrek wat hy aangetrek het toe hy in die gewyde kamer
ingegaan het en hy moet die klere daar neersit.

24Hy moet homself bad in ’n gewyde plek en hy moet ander klere aantrek. Dan moet
hy uitkom en hy moet sy brand-offer offer en ook die brand-offer van die volk. So
doen hy versoening vir homself en vir die volk.

25Hy moet ook die vet van die sonde-offer verbrand op die altaar.

26Die persoon wat die bok weggeneem het na Asasel toe, moet sy klere was en hy
moet homself bad. Daarna mag hy terugkom in die kamp.

27Aäron het die bloed van die bul en van die bok wat sonde-offers is, gebruik om
versoening te doen in die gewyde kamer. Iemand moet dan die bul en die bok uit die
kamp neem en hy moet hulle verbrand, ook die velle en die vleis en die pensmis.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

28Die persoon wat dit doen, moet sy klere was en hy moet homself bad, daarna mag hy terugkom in die kamp.

29Julle moet altyd dit doen: Julle moenie eet of werk op die tiende dag van die sewende maand nie, die Israeliete moenie werk nie en ook nie die vreemdelinge wat by julle woon nie.

30Hoekom? Want op hierdie dag moet die hoëpriester vir julle versoening doen en so moet hy julle reinig van julle sonde, sodat julle rein kan wees voor die Here.

31Hierdie dag moet vir julle ’n spesiale Sabbatdag wees, en julle mag dan nie eet nie. Dit moet altyd so wees.

32Die priester wat gesalf is om hoëpriester te wees ná sy pa, moet sy linne-klere aantrek, die gewyde klere.

33Hy moet versoening doen vir die tempel, vir die gewyde kamer, vir die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, vir die altaar, vir die priesters en vir die hele volk wat daar bymekaar is.

34Dit moet elke jaar gebeur. Die hoëpriester moet versoening doen vir die Israeliete, sodat die Here al hulle sondes sal vergewe.” Aäron het gedoen soos die Here vir Moses gesê het.

Levitikus 17

Die Israeliete moet offer by die tent waar die Here aan hulle verskyn

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet vir Aäron en sy seuns en vir al die Israeliete sê: Die Here het gesê:

3’n Israeliet wat ’n bul of ’n skaap-ram of ’n bok-ram slag, mag dit nie doen binne of buite die kamp nie.

4Hy moet dit bring na die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, en hy moet dit vir die Here offer voor die tempel-tent. Iemand wat dit nie doen nie, is skuldig, hy het ’n bloedsonde gedoen. Hy het bloed laat uitvloei, en julle moet hom afsny van sy volk.

5Die Israeliete moenie die offers in die veld offer, soos hulle voorheen gedoen het nie, hulle moet dit na die Here toe bring. Hulle moet dit bring na die priester by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, en hulle moet dit daar slag om ete-offers vir die Here te wees.

6Die priester moet die bloed spat teen die altaar van die Here by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. En hy moet die vet verbrand. Dit sal lekker ruik vir die Here.

© Bible Society of South Africa.

7Die Israeliete was voorheen ontrou aan die Here, hulle het hulle offers geslag vir die veldgode. Die Israeliete en hulle nageslag mag dit nooit weer doen nie.

8“Jy moet vir die Israeliete sê: ’n Israeliet of ’n vreemdeling wat ’n brand-offer of ’n ander offer bring,

9mag dit net bring na die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, hy moet dit dáár vir die Here offer. As hy dit nie daar offer nie, dan moet hulle hom afsny van sy volk.”

Die Israeliete mag nie bloed eet nie

10“Wanneer ’n Israeliet of ’n vreemdeling bloed eet, dan is Ek téén daardie persoon wat die bloed eet, en julle moet hom afsny van die volk.

11Want ’n liggaam se lewe is in die bloed, en Ek het vir julle die bloed gegee om vir julle versoening te doen op die altaar. Die lewe is in die bloed, en die bloed doen versoening vir julle lewens.

12Daarom sê Ek vir die Israeliete: Niemand van julle of niemand van die vreemdelinge wat tussen julle woon, mag bloed eet nie.

13Wanneer ’n Israeliet of ’n vreemdeling wilde diere of voëls vang wat hy kan eet, dan moet hy die bloed laat uitvloei en hy moet dit toemaak met grond.

14Want die bloed is die lewe van elke liggaam. Daarom sê Ek vir die Israeliete: Julle mag nooit bloed eet nie, en as iemand dit doen, dan moet julle hom afsny van sy volk.

15Elke Israeliet of vreemdeling wat ’n dier eet wat self gevrek het of iemand wat iets eet wat dood is toe ’n wilde dier dit gevang het, hy moet sy klere was en hy moet homself bad. Hy is onrein tot die aand toe, daarna is hy rein.

16As hy nie sy klere was en homself bad nie, dan sal Ek hom straf, want hy is skuldig.”

Levitikus 18

Seks wat mense onrein laat word

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet vir die Israeliete sê: Ek is julle God die Here.

3Julle het voorheen in die land Egipte gewoon, maar julle mag nie die dinge doen wat die mense van daardie land gedoen het nie. Ek bring julle nou na die land Kanaän, maar julle mag ook nie die dinge doen wat die mense van daardie land doen nie. Julle mag nie lewe soos hulle nie.

4Julle moet doen wat Ek sê, julle moet lewe soos Ek besluit. Ek is julle God die Here.

© Bible Society of South Africa.

5Julle moet aanhou om te doen wat Ek sê en besluit. Die mens wat dit doen, sal aanhou lewe. Ek is die Here.

6“Niemand van julle mag seks hê met iemand wat naby familie is nie. Ek is die Here.

7Jy mag nie seks hê met jou ma nie, want jy sal skande bring oor jou pa se naam. Sy is jou ma, jy mag nie seks hê met haar nie.

8Jy mag nie seks hê met ’n ander vrou van jou pa nie, jy sal skande bring oor jou pa se naam.

9Jy mag nie seks hê met jou suster nie, ook nie met jou stiefsuster wat in die huis of op ’n ander plek gebore is nie.

10Jy mag nie seks hê met jou kleindogter nie, want dit sal skande bring oor jou naam.

11Jy mag nie seks hê met jou halwe suster nie, sy is jou suster.

12-13Jy mag nie seks hê met jou tannie nie, sy is jou pa of jou ma se suster.

14Jy mag nie seks hê met jou oom se vrou nie, sy is jou tante. Jy sal skande bring oor jou oom se naam.

15Jy mag nie seks hê met jou skoondogter nie, sy is jou seun se vrou, jy mag nie seks hê met haar nie.

16Jy mag nie seks hê met jou skoonsuster nie, jy sal skande bring oor jou broer se naam.

17Jy mag nie seks hê met ’n vrou én met haar dogter nie. Jy mag ook nie trou met ’n kleindogter van daardie vrou nie, jy sal skande bring oor die vrou se naam. Dit is haar kleindogter, dit sal sleg wees as jy met haar kleindogter trou.

18Jy mag nie trou met jou vrou se suster terwyl jou vrou lewe nie. Hulle sal vyande word as jy seks het met die suster.

19Jy mag nie seks hê met ’n vrou wat menstrueer nie, sy is onrein.

20Jy mag nie seks hê met ’n ander man se vrou nie, jy sal onrein word.

21Jy mag nie ’n kind of ’n kleinkind van jou offer vir Molek nie, jy mag nie die Naam van jou God ontwy nie. Ek is die Here.

22’n Man mag nie seks hê met ’n man nie. Die Here haat dit.

23’n Man mag nie seks hê met ’n dier nie. ’n Vrou mag ook nie seks hê met ’n dier nie, die Here haat dit.

24Jy moenie enige een van hierdie dinge doen nie, want dan sal jy jouself onrein laat word. Die ander volke het dit gedoen en so het hulle onrein geword, die volke wat Ek wegjaag om plek te maak vir julle.

© Bible Society of South Africa.

25Die land het ook onrein geword, daarom sal Ek die land straf sodat die land die mense sal wegjaag.

26Julle moet aanhou om te doen wat Ek sê en wat Ek besluit, julle moenie een van hierdie dinge doen wat Ek haat nie, die Israeliete moenie dit doen nie, en ook nie die vreemdelinge nie.

27Want die mense van die land wat vóór julle hier was, het al hierdie dinge gedoen wat Ek haat, en die land het toe onrein geword.

28Die land sal julle ook wegjaag as julle die land onrein laat word, soos die land die volk weggejaag het wat vóór julle hier was.

29Julle moet die persoon wat een van al hierdie dinge doen, afsny van die volk.

30Julle moet aanhou om te doen wat Ek gesê het, julle moenie een van die dinge doen wat die mense gedoen het wat voorheen hier gewoon het nie. Julle moenie julleself onrein laat word nie. Ek is julle God die Here."

Levitikus 19

Die Israeliete moet hulleself aan die Here wy

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Jy moet vir die hele volksvergadering van die Israeliete sê: Julle moet julleself aan My wy, want Ek, julle God die Here, is heilig.

3"Elke persoon moet sy ouers respekteer en julle moet my Sabbatdae vier. Ek is julle God die Here.

4Julle moenie afgode begin dien nie en julle moenie vir julle beelde maak van gode nie. Ek is julle God die Here.

5"Wanneer julle vir die Here 'n ete-offer slag, dan moet julle dit so doen dat die Here julle aanvaar.

6Julle mag die vleis eet op die dag wanneer julle die dier slag en julle mag dit ook die volgende dag eet. Maar as daar vleis oorbly tot die derde dag, dan moet julle dit verbrand.

7As iemand op die derde dag van die vleis eet, dan sal die Here dit nie aanvaar nie, die vleis is onrein.

8Ek sal die persoon straf wat dit gedoen het, hy sal skuldig wees, want hy het iets ontwy wat aan die Here gewy is. Julle moet daardie persoon afsny van sy volk.

9"Wanneer julle koring of gars afsny, dan moet julle nie alles tot by die kant van die land afsny nie, en julle moenie die koring-are of gars-are optel wat val nie.

© Bible Society of South Africa.

10 En wanneer jy druiwe pluk, dan mag jy nie ’n tweede maal deur jou wingerd gaan
om nog druiwe te pluk nie. Jy mag ook nie die druiwetrosse optel wat val nie. Jy
moet hulle los vir arm mense en vir vreemdelinge.

11 “Julle mag nie mekaar se goed steel of vir mekaar lieg of mekaar bedrieg nie.

12 “Jy mag nie vals wees wanneer jy iets belowe en sê die Here is die getuie nie. As jy
dit doen, dan ontwy jy die Naam van jou God. Ek is die Here.

13 “Jy mag nie jou naaste verdruk en sy goed vir jouself vat nie. Jy moet elke dag
die dagloner se beloning vir hom gee, jy moenie wag tot die volgende dag nie.

14 “Jy mag nie ’n dowe mens vervloek nie en jy mag nie in ’n blinde mens se pad iets
sit waaroor hy kan val nie. Jy moet jou God respekteer en dien.

15 “Jy moenie verkeerd oordeel nie. Wanneer iemand skuldig is, dan mag jy nie sê hy
is onskuldig nie, dit maak nie saak of hy ’n arm mens of ’n ryk mens is nie. Jy
moet regverdig wees wanneer jy oordeel.

16 “Jy mag nie skinder van mense nie. Jy mag nie iets doen wat gevaarlik is vir ander
mense se lewe nie. Ek is die Here.

17 “Jy mag nie ’n ander mens haat nie, jy moenie nét aanhou sê iemand is skuldig nie,
jy moet ook vir hom sê wát hy verkeerd doen.

18 “Jy moenie dieselfde slegte ding aan ’n ander Israeliet wil doen wat hy aan jou
gedoen het nie, jy moenie vir hom kwaad bly nie. Jy moet vir jou naaste so lief wees
soos jy lief is vir jouself. Ek is die Here.

19 “Julle moet aanhou om te doen wat Ek vir julle sê. Julle mag nie verskillende soorte
diere laat paar en kleintjies kry nie. Julle mag nie verskillende soorte saad in
dieselfde land saai nie, julle mag nie klere dra wat julle gemaak het van verskillende
soorte materiaal nie.

20 “’n Man het miskien seks met ’n vrou wat ’n slavin is, en haar eienaar het belowe
dat ’n ander man haar mag kry. As die ander man haar nog nie losgekoop het nie, en
haar eienaar het haar nog nie vry laat weggaan nie, dan moet die man wat seks
gehad het met haar, boete betaal aan die eienaar. Hulle mag nie die man en die vrou
doodmaak nie, want haar eienaar het haar nog nie vry laat weggaan nie.

21 Die man moet ’n skuld-offer vir die Here bring na die ingang van die tent waar die
Here aan die Israeliete verskyn. Die skuld-offer moet ’n skaap-ram wees.

22 Die priester moet die skuld-offer offer om versoening te doen vir die sonde wat
die man gedoen het. Dan sal die Here sy sonde vergewe.

23 “Wanneer julle in die land kom en julle plant vrugtebome, dan mag julle drie jaar
lank nie die vrugte eet nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24In die vierde jaar moet julle al die vrugte wy om vir die Here dankie te sê.

25Van die vyfde jaar af mag julle die vrugte eet. Dan sal daar baie vrugte wees. Ek is julle God die Here.

26"Julle mag nie vleis eet wat vol bloed is nie. Julle mag nie toor nie. Julle mag nie sê julle weet dinge wat ander mense nie kan weet nie.

27"Wanneer julle wil rou, dan mag julle nie die hare langs die kante van julle kop en julle baard afskeer nie.

28Julle mag ook nie julle liggame sny of prente op julle vel teken nie. Ek is die Here.

29"Jy moenie jou dogter 'n prostituut laat word nie, want dan sal julle haar ontwy. Dan sal ander mense in die land ook prostitute word, en die land sal vol word van mense wat hierdie slegte ding doen.

30"Julle moet my Sabbatdae vier en julle moet my tempel respekteer. Ek is die Here.

31"Julle mag nie vir geeste van dooie mense of vir waarsêers vra wat julle wil weet nie. As julle dit doen, dan sal julle onrein word. Ek is julle God die Here.

32"Jy moet opstaan wanneer 'n oumens na jou toe kom, jy moet hom respekteer en jy moet vir God respekteer en dien. Ek is die Here.

33"Wanneer 'n vreemdeling by julle in die land woon, dan mag julle hom nie laat swaarkry nie.

34Die vreemdeling moet vir julle wees soos 'n Israeliet, jy moet lief wees vir hom soos jy lief is vir jouself, want julle was ook vreemdelinge in die land Egipte. Ek is julle God die Here.

35"Julle mag nie mense bedrieg wanneer julle meet en weeg nie.

36Julle moet weegskale en gewigte gebruik wat reg weeg, en die efa of hin wat julle gebruik, moet reg wees. Ek is julle God die Here wat julle uit die land Egipte gebring het.

37"Julle moet alles doen wat Ek sê en besluit. Ek is die Here."

Levitikus 20

Die Israeliete is die Here se spesiale volk

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Jy moet vir die Israeliete sê: 'n Israeliet of 'n vreemdeling in die land wat 'n kind van sy nageslag vir Molek gee, moet sterf. Die mense van die land moet hom doodgooi met klippe.

© Bible Society of South Africa.

3Ek sal self daardie man se vyand wees, Ek sal hom afsny van sy volk, want hy het ’n kind van sy nageslag vir Molek gegee. Dit het my tempel onrein laat word en my heilige Naam ontwy.

4Iemand het miskien ’n kind van sy nageslag vir Molek gegee, en die mense van die land maak of hulle nie sien wat daardie man gedoen het nie. As hulle die man nie doodmaak nie,

5dan sal Ek self daardie man en sy familie se vyand wees. Ek sal hom afsny van sy volk, en ook almal wat saam met hom ontrou was en wat vir Molek gedien het.

6“Wanneer ’n persoon wil vra wat hy moet doen, dan vra hy dit miskien vir die geeste van mense wat gesterf het, of vir waarsêers. Daardie persoon is ontrou aan My. Ek sal sy vyand wees en Ek sal hom afsny van sy volk.

7Julle moet julleself aan My wy, julle moet gewyde mense wees, want Ek is julle God die Here.

8Julle moet aanhou om te doen wat Ek wil hê. Ek is die Here, Ek wy julle aan My.

9“Ja, die persoon wat sy ouers vervloek, moet sterf. Hy het sy ouers vervloek, daarom moet hy sterf, hy is skuldig.

10“En die man wat egbreuk pleeg met ’n ander man se vrou, moet sterf, hy en die vrou moet sterf.

11En ’n man wat seks het met sy pa se vrou, moet sterf, hy het skande gebring oor sy pa se naam. Die man en die vrou moet altwee sterf, hulle is skuldig.

12“En ’n man wat seks het met sy skoondogter, moet sterf. Hulle moet altwee sterf, hulle het iets gedoen wat die Here haat, hulle is skuldig.

13“En die man wat seks het met ’n ander man, moet sterf. Hulle het iets gedoen wat die Here haat, hulle moet altwee sterf, hulle is skuldig.

14“En dit is ’n slegte ding wanneer ’n man met ’n vrou én met haar ma trou. Julle moet hulle aldrie verbrand, daar mag nie so ’n slegte ding by julle gebeur nie.

15“En ’n man wat seks het met ’n dier, moet sterf. Hy moet sterf, en julle moet die dier ook doodmaak.

16En as ’n vrou seks het met ’n dier, dan moet julle die vrou én die dier doodmaak. Hulle moet sterf, hulle is skuldig.

17“En as ’n man trou met sy suster of met sy halwe suster en hy het seks met haar, dan is dit ’n skande. Julle moet hulle afsny van die volk, en die mense moet sien dat julle dit doen. Hy het skande gebring oor sy suster se naam, hy is skuldig.

18“As ’n man seks het met ’n vrou wat menstrueer, dan moet julle hulle altwee afsny van hulle volk.

© Bible Society of South Africa.

19"Jy mag nie seks hê met jou pa of jou ma se suster nie. As jy dit doen, dan is jy én die vrou skuldig.

20"En die man wat seks het met sy oom se vrou, bring skande oor sy oom se naam. Hulle doen sonde, hulle is skuldig, nie een van hulle sal kinders hê nie.

21"En as 'n man seks het met sy broer se vrou, dan maak dit hulle onrein. Hy het skande gebring oor sy broer se naam, en die man of die vrou sal nooit kinders hê nie.

22"Julle moet aanhou om alles te doen wat Ek sê en besluit, dan sal Ek julle bring na 'n land, en daardie land sal julle nie wegjaag nie.

23Julle moenie lewe soos die ander volke nie, Ek het hulle weggejaag om plek te maak vir julle. Hulle het al hierdie verkeerde dinge gedoen, en Ek het hulle gehaat.

24Ek het vir julle gesê dat julle hulle land moet vat, Ek gee dit vir julle om vir julleself te vat. Dit is 'n land waar daar baie melk en heuning is. Ek is julle God die Here, Ek het gesê julle moet my spesiale volk wees tussen die ander volke.

25Daarom moet julle ook dit onthou: Die rein diere en voëls is nie dieselfde soos onrein diere en voëls nie. Ek het vir julle gesê watter diere onrein is. Julle moenie raak aan een van die onrein diere of voëls of klein diertjies nie, want dan sal julle ook onrein word.

26Julle moet aan My gewy wees, want Ek, die Here, is heilig. Ek het gesê julle moet my spesiale volk wees tussen die ander volke.

27"Party mans of vroue sê hulle kan praat met die geeste van mense wat gesterf het. Daardie mans of vroue moet sterf, en ook mense wat sê hulle weet wat ander mense nie kan weet nie. Julle moet hulle doodgooi met klippe, hulle is skuldig."

Levitikus 21

Die priesters moet gewyd bly

1Die Here het vir Moses gesê: "Jy moet vir die priesters van die nageslag van Aäron sê hulle mag nie raak aan 'n lyk van iemand in hulle familie wat dood is nie, want dan sal hulle onrein word.

2'n Priester mag net raak aan die lyk van iemand wat naby familie is: sy pa, of sy ma, of sy kind of sy broer.

3Hy mag ook raak aan die lyk van sy suster as sy nog 'n jongmeisie is, maar as sy getroud is, sal hy onrein word as hy aan haar lyk raak.

4Hy mag nie aan die lyke van sy skoonfamilie raak nie, hy sal onrein word en dit sal hom ontwy.

5"Priesters mag nie die hare langs die kante van hulle kop en hulle baard afskeer as hulle wil rou nie, en hulle mag nie hulle vel stukkend sny nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6“Die priesters moet aan hulle God gewy wees. Hulle mag nie die Naam van hulle God ontwy nie, want hulle moet die vuur-offers van die Here offer. Dit is die kos vir hulle God, en hulle moet gewyd wees wanneer hulle dit offer.

7“’n Priester mag nie trou met ’n vrou wat ’n prostituut is nie, of met ’n vrou wat voorheen seks gehad het met ’n man, of met ’n vrou wat geskei is van haar man nie. Want die priester is aan sy God gewy.

8Israeliete, julle moet altyd onthou dat die priester gewyd is, want hy offer die kos van julle God. Die priester moet altyd vir julle gewyd bly, want Ek, die Here, is heilig, en Ek wy julle aan My.

9“As ’n priester se dogter haarself ontwy en sy word ’n prostituut, dan het sy ook haar pa ontwy. Julle moet haar verbrand.

10“Die hoëpriester is belangriker as die ander priesters. ’n Ander priester het hom gewy en het salf-olie op sy kop gegooi. Die hoëpriester moet die gewyde klere dra. Daarom mag die hoëpriester nie sy hare los laat hang nie en hy mag nie sy klere skeur wanneer hy wil rou nie.

11Hy mag glad nie by ’n lyk kom nie, ook nie by sy pa of sy ma se lyk nie, hy sal onrein word.

12Hy mag nie uit die tempel gaan wanneer hy wil rou nie, hy sal die tempel-tent van sy God ontwy. Die hoëpriester dra die kroon wat wys dat hy gesalf is en dat hy aan sy God gewy is. Ek is die Here.

13“Die hoëpriester mag net trou met ’n meisie wat ’n maagd is.

14Hy mag nie trou met ’n weduwee of met ’n vrou wat geskei is van haar man nie. Hy mag nie trou met ’n vrou wat voorheen seks gehad het met ’n man of met ’n prostituut nie. Hy moet trou met ’n jongmeisie van sy eie volk

15sodat hy nie sy nageslag sal ontwy nie, want Ek is die Here, Ek het hom gewy.”

Priesters moet heeltemal gesond wees

16Die Here het vir Moses gesê:

17“Jy moet vir Aäron sê: Wanneer iemand van jou nageslag nie heeltemal gesond is nie, dan mag hy nie by die altaar kom om sy God se kos te offer nie.

18As ’n persoon nie heeltemal gesond is nie, dan mag hy nie naby die altaar kom nie. Hy is miskien blind of kreupel of gebreklik

19of sy been of sy arm is af

20of hy het ’n krom rug of hy is ’n dwergie of daar is ’n vlek in sy oog of hy het skurwe plekke of waterblasies op sy vel of sy geslagsorgane is stukkend.

© Bible Society of South Africa.

21As iemand van die nageslag van Aäron nie heeltemal gesond is nie, dan mag hy nie by die altaar kom om die vuur-offers van die Here te offer nie. Hy is nie heeltemal gesond nie en hy mag nie by die altaar kom om die kos van sy God te offer nie.

22Maar hy mag eet van die kos van sy God, hy mag eet van die hoog-gewyde offers en van die gewyde offers.

23Hy mag nie by die gordyn kom nie en hy mag nie naby die altaar kom nie, want hy is nie heeltemal gesond nie. As hy dit doen, dan sal hy my tempel-tent ontwy. Ek het self al hierdie dinge gewy."

24Moses het dit vir Aäron en sy seuns en al die Israeliete gesê.

Levitikus 22

Die priesters moet versigtig wees met die gewyde presente van die Israeliete

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Jy moet vir Aäron en sy seuns sê hulle moet versigtig wees met die gewyde presente wat die Israeliete aan My wy, die priesters moenie my heilige Naam ontwy nie. Ek is die Here.

3Jy moet vir hulle sê: Wanneer iemand van julle nageslag onrein is, en hy kom naby die gewyde presente wat die Israeliete aan die Here gewy het, dan moet julle hom afsny van my tempel. Ek is die Here.

4Wanneer 'n man van die nageslag van Aäron melaats is of daar kom iets nat uit hom, dan moet hy eers rein word, en daarna mag hy eet van die gewyde presente. "'n Man word onrein as daar saad uit hom gekom het, of as hy aan 'n lyk geraak het.

5Hy word ook onrein wanneer hy raak aan 'n man wat onrein geword het van enige een van die klein diertjies, of aan 'n mens wat onrein is.

6Wanneer hy aan enige een van hierdie dinge of persone geraak het, dan sal hy onrein wees tot die aand. Hy moet eers bad voordat hy van die gewyde presente mag eet.

7Hy sal rein wees nadat die son ondergegaan het, daarna mag hy van die gewyde presente eet, want dit is sy kos.

8"Wanneer 'n dier self gevrek het of wanneer 'n wilde dier dit gevang het, dan mag 'n priester nie die vleis eet nie, want die priester sal dan onrein word. Ek is die Here.

9Die priesters moet aanhou om te doen wat Ek wil hê, sodat hulle nie skuldig word en sterf omdat hulle die tempel ontwy het nie. Ek is die Here, Ek het hulle gewy.

10Iemand wat nie 'n priester is nie, mag nie van die gewyde presente eet nie. 'n Priester se bywoner of sy dagloner mag nie van die gewyde presente eet nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11As die priester ’n slaaf gekoop het of as ’n slaaf in sy huis gebore is, dan mag die slaaf van die priester se kos eet.

12’n Priester se dogter wat getroud is met ’n man wat nie ’n priester is nie, mag nie eet van die offers wat gewyde presente is nie.

13As ’n priester se dogter ’n weduwee geword het of as sy geskei het van haar man en sy het nie kinders nie en sy gaan woon weer in haar pa se huis soos toe sy jonk was, dan mag sy van haar pa se kos eet. Iemand wat nie ’n priester is nie, mag nie van die kos eet nie.

14As ’n persoon van die gewyde kos eet maar hy het nie geweet dat dit gewyde kos is nie, dan moet hy vir die priester ’n gewyde present gee en hy moet nog een vyfde van die kos daarby sit.

15Die priesters mag nie die gewyde presente ontwy wat die Israeliete vir die Here offer nie.

16As hulle dit doen wanneer hulle van die gewyde kos eet, dan sal hulle skuldig wees, en dan moet hulle ’n skuld-offer bring. Ek is die Here, Ek het hulle gewy.”

‘n Offer moet so wees dat die Here dit wil aanvaar

17Die Here het vir Moses gesê:

18“Jy moet vir Aäron en sy seuns en al die Israeliete sê: ’n Israeliet of ’n vreemdeling wil miskien ’n gelofte-offer bring, of hy het ’n offer wat hy graag self wil gee om ’n brand-offer vir die Here te wees.

19Dan moet dit ’n gesonde bul of ram wees. Die Here sal dit aanvaar.

20Maar as die dier nie gesond is nie, dan moet julle dit nie offer nie, want die Here sal dit nie aanvaar nie.

21“En wanneer ’n persoon vir die Here ete-offers bring om ’n gelofte te betaal, of as hy graag ’n offer wil gee, dan moet hy ’n bees of ’n skaap of ’n bok offer wat gesond is. Die Here sal dit aanvaar, maar die dier moet heeltemal gesond wees.

22Julle mag nie vir die Here ’n dier offer wat blind is of wat seergekry het of wat vratte op sy vel het of wat ’n velsiekte het nie. Julle mag nie so ’n dier op die altaar bring om ’n vuur-offer te wees nie.

23Wanneer julle graag self ’n offer wil gee, dan mag julle ’n bees of ’n skaap gee wat gebreklik is, maar dit mag nie ’n gelofte-offer wees nie, die Here sal dit nie aanvaar nie.

24Wanneer ’n dier se geslagsorgane stukkend gedruk is of geskeur is of gesny is, dan mag julle dit nie vir die Here offer nie. Julle mag dit nie doen in julle land nie.

© Bible Society of South Africa.

25Julle mag ook nie so ’n dier neem van iemand wat nie ’n Israeliet is nie en julle mag dit nie offer om kos te wees vir julle God nie, want die dier is gebreklik, hy is nie gesond nie. Ek sal dit nie aanvaar nie.”

26Die Here het vir Moses gesê:

27“Wanneer ’n kalf of ’n lam gebore is, dan moet hy sewe dae lank by sy ma bly. Van die agste dag af sal ek dit aanvaar om ’n vuur-offer vir My te wees.

28Maar julle mag nie ’n bul en sy kalf of ’n ram en sy lam op dieselfde dag slag nie.

29Wanneer julle vir My ’n dank-offer bring, dan moet julle dit só doen dat Ek dit aanvaar.

30Julle moet die vleis dieselfde dag op-eet, julle mag nie daarvan laat oorbly tot die volgende oggend nie. Ek is die Here.

31Julle moet aanhou om te doen wat my gebooie sê. Ek is die Here.

32Julle mag nie my heilige Naam ontwy nie, julle moet vir die Israeliete wys dat Ek heilig is. Ek is die Here, Ek het julle gewy.

33Ek het julle uit die land Egipte gebring sodat Ek julle God kan wees. Ek is die Here.”

Levitikus 23

Die feeste

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet praat met die Israeliete en vir hulle sê: Hierdie is die feeste van die Here wat julle moet vier. Dit is die tye wanneer julle moet bymekaarkom en wanneer julle julleself moet wy, dit is my feeste.

3Julle moet ses dae lank werk en alles doen wat julle moet doen, maar die sewende dag is die fees van die Sabbatdag. Julle moet bymekaarkom en julle moet julleself wy, en julle moenie werk nie. Dit is die Sabbatdag van die Here, oral waar julle woon.

4“Hierdie is die feeste van die Here, dit is die tye wanneer julle moet bymekaarkom om julleself te wy. Julle moet die feeste vier op die tye wanneer julle dit moet doen.

5“Die Paasfees van die Here is op die veertiende dag van die eerste maand, wanneer dit donker begin word.

6Die Fees van die Ongesuurde Brood begin op die vyftiende dag van dieselfde maand. Dan moet julle sewe dae lank ongesuurde brood eet.

7Julle moet op die eerste dag bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle mag nie julle werk doen wat julle altyd doen nie.

© Bible Society of South Africa.

8Julle moet vir die Here ’n vuur-offer bring op elkeen van hierdie sewe dae. Op die
sewende dag moet julle weer bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle mag dan
nie die werk doen wat julle altyd doen nie.”

9Die Here het vir Moses gesê:

10“Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer julle kom in die land wat Ek vir julle gee, en
julle sny die koring en die gars af, dan moet julle die eerste gerf wat julle afsny, vir
die priester bring.

11Die priester moet die gerf heen en weer beweeg voor die Here, dan sal die Here dit
van julle aanvaar. Die priester moet die gerf beweeg op die dag ná die Sabbatdag.

12Op dieselfde dag moet julle ’n gesonde jaaroud lam bring om ’n brand-offer vir die
Here te wees.

13Julle moet ook ’n koring-offer saambring. Die koring-offer moet twee tiendes van
’n efa van die beste meel wees. Julle moet dit met olyf-olie meng en knie.
Die drank-offer moet ’n kwart hin wyn wees.

14Tot op hierdie dag mag julle nie brood of gebraaide koring of koringkorrels van die
nuwe koring-oes eet nie. Julle moet eers die offer vir julle God bring. Julle en
julle nageslag moet dit altyd doen, oral waar julle woon.

15Daarna moet julle sewe weke tel, julle moet dit tel van die dag ná die Sabbatdag,
die dag wanneer julle die gerf bring om ’n beweeg-offer te wees.

16Daarna moet julle 50 dae tel tot op die dag ná die sewende Sabbatdag, en dan
moet julle ’n nuwe koring-offer bring.

17Julle moet uit julle woonplekke twee brode bring om beweeg-offers te wees. Julle
moet elke brood bak van twee tiendes van ’n efa van die beste meel, en daar
moet suurdeeg in die brood wees. Dit is ’n offer vir die Here, dit is van die eerste
koring-oes.

18Saam met die brode moet julle sewe gesonde jaaroud ram-lammers bring en ook
een jong bul en twee skaap-ramme, dit is ’n brand-offer vir die Here. Julle moet ook
die koring-offers en die drank-offers bring wat daarby moet wees. Dit is vuur-offers,
dit ruik lekker vir die Here.

19Julle moet ook ’n bok-ram bring om ’n sonde-offer te wees, en twee jaaroud ram-
lammers om ete-offers te wees.

20Die priester moet hulle heen en weer beweeg saam met die brode van die eerste
koring-oes. Saam met die twee lammers is dit ’n beweeg-offer voor die Here. Dit is
aan die Here gewy, en die priester moet dit kry.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Julle moet op dieselfde dag bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle mag nie die werk doen wat julle altyd doen nie. Julle en julle nageslag moet dit altyd so doen, oral waar julle woon.

22Wanneer julle die koring en die gars op julle lande afsny, dan moet julle nie alles afsny tot op die kant van die land nie. Julle moet ook nie die are optel wat val nie. Julle moet dit los vir die arm mense en vir die vreemdelinge. Ek is julle God die Here."

23Die Here het vir Moses gesê:

24"Jy moet vir die Israeliete sê: Julle moet op die eerste dag van die sewende maand 'n spesiale Sabbatdag vier. Julle moet bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle moet ramshorings blaas en julle moet skree.

25Julle mag nie die werk doen wat julle altyd doen nie en julle moet vir die Here 'n vuur-offer bring."

26Die Here het vir Moses gesê:

27"Op die tiende dag van hierdie sewende maand, is dit Versoendag, dit is net op hierdie een dag. Julle moet bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle moet vas en julle moet vir die Here 'n vuur-offer bring.

28Julle mag nie op hierdie dag die werk doen wat julle altyd doen nie, want dit is die Versoendag om vir julle versoening te doen voor julle God die Here.

29As iemand nie op hierdie dag vas nie, dan moet julle hom afsny van sy volk.

30En wanneer iemand op hierdie dag werk doen wat hy altyd doen, dan sal Ek self hom wegvat van sy volk en Ek sal hom laat sterf.

31Julle mag nie werk doen wat julle altyd doen nie. Julle en julle nageslag moet hierdie dag altyd vier, oral waar julle woon.

32Dit is vir julle 'n baie spesiale Sabbatdag. Julle moet begin vas op die aand van die negende dag en julle moet die Sabbatdag tot die volgende aand vier."

33Die Here het vir Moses gesê:

34"Jy moet vir die Israeliete sê: Die Hutte-fees moet begin op die vyftiende dag van die sewende maand, en dit moet sewe dae lank aanhou.

35Op die eerste dag moet julle bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle mag nie die werk doen wat julle altyd doen nie.

36Julle moet sewe dae lank elke dag vir die Here 'n vuur-offer bring. Op die agste dag moet julle bymekaarkom en julle moet julleself wy en vir die Here 'n vuur-offer bring. Dit is 'n gewyde feesdag, en julle mag nie die werk doen wat julle altyd doen nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37“Dit is die feeste van die Here wat julle moet vier. Julle moet bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle moet ’n vuur-offer vir die Here bring, ’n brand-offer en ’n koring-offer en drank-offers, julle moet elke dag die offers bring wat die Here gesê het.

38Julle moet ook die Sabbatdae van die Here vier en julle moet julle presente en julle gelofte-offers bring en ook al die offers wat julle self graag vir die Here wil gee.

39“Op die vyftiende dag van die sewende maand moet julle begin om die fees van die Here te vier. Julle moet dit net op hierdie dag vier wanneer julle klaar die koring en die gars afgesny het en die vrugte gepluk het. Julle moet die fees sewe dae lank vier. Die eerste en die agste dag is spesiale Sabbatdae.

40Op die eerste dag moet julle sitrusvrugte neem en palmtakke en takke van bome wat baie blare het en bome wat langs water groei. Julle moet sewe dae lank feesvier voor julle God die Here.

41Julle moet die fees elke jaar sewe dae lank vier. Julle en julle nageslag moet die fees altyd in die sewende maand vier.

42Julle moet sewe dae lank in hutte woon. Elke Israeliet moet dit doen,

43sodat julle nageslag sal weet dat Ek die Israeliete in hutte laat woon het toe Ek hulle uit die land Egipte gebring het. Ek is julle God die Here.”

44Moses het vir die Israeliete gesê watter feeste hulle vir die Here moet vier.

Levitikus 24

Die lampstaander en die lampe

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet vir die Israeliete sê hulle moet vir jou skoon olyf-olie bring sodat die lampe op die lampstaander altyd kan brand.

3Aäron moet die lampstaander neersit voor die gordyn in die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Die kis waarin die tien gebooie is, staan agter die gordyn. Die lampe moet van die aand tot die oggend voor die Here brand. Julle nageslag moet dit ook altyd doen.

4Aäron moet die lampe op die goue lampstaander sit, dit moet altyd daar voor die Here wees.”

Die offer-brood

5“Jy moet van die beste meel neem en jy moet twaalf ringbrode bak. Jy moet twee tiendes van ’n efa meel gebruik vir elke ringbrood.

© Bible Society of South Africa.

6Dan moet jy die brood in twee rye neersit op die goue tafel voor die Here, in elke ry
moet daar ses brode wees.

7Jy moet skoon wierook by elke ry sit. Die wierook is ’n vuur-offer vir die Here, dit is
in die brood se plek.

8Die priesters moet elke Sabbatdag nuwe brood neersit voor die Here. Die Israeliete
moet dit altyd doen.

9Aäron en sy seuns mag die brood kry wat op die tafel was. Hulle moet dit op
’n gewyde plek eet. Die brood is hoog-gewyd. Die priesters moet altyd daardie
brood kry uit die offers vir die Here. Dit moet altyd so wees.”

‘n Persoon wat die Naam van die Here laster, moet sterf

10-11Daar was ’n man, hy was die seun van ’n Israelitiese vrou en ’n Egiptiese man. Sy
ma was Selomit, dogter van Dibri, sy was van die Dan-stam. Hy het baklei met ’n
Israelitiese man. Die seun van die Israelitiese vrou en die Egiptiese man het die Naam
van die Here gelaster toe hy die ander man wou vervloek. Hulle het hom na Moses
toe gebring.

12Hulle het die man toegesluit, hulle wou eers hoor wat die Here sê.

13Die Here het vir Moses gesê:

14“Jy moet die man wat die ander man vervloek het, wegneem uit die kamp. Almal
wat gehoor het wat hy gesê het, moet hulle hande op sy kop sit, en die
hele volksvergadering moet hom doodgooi met klippe.

15Jy moet vir die Israeliete sê: Elke persoon wat sy God vervloek, is skuldig, julle
moet hom straf.

16Iemand wat die Naam van die Here laster, moet sterf, die hele volksvergadering
moet hom doodgooi met klippe. Mense wat die Naam van die Here
laster, vreemdelinge of Israeliete, moet sterf.

17’n Persoon wat ’n ander mens doodmaak, moet sterf.

18Wanneer iemand ’n dier van iemand anders doodmaak, dan moet hy betaal, hy
moet vir die eienaar ’n ander dier gee.

19Wanneer ’n persoon iemand anders seermaak, dan moet hulle dieselfde doen,
hulle moet hom ook so seermaak.

20Die straf is: As hy die man seergemaak het, dan moet julle hom ook seermaak, ’n
oog vir ’n oog en ’n tand vir ’n tand. Hulle moet dieselfde aan hom doen wat hy aan
’n ander mens gedoen het.

21Iemand wat ’n dier doodmaak, moet betaal, maar iemand wat ’n mens doodmaak,
moet sterf.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Dit moet dieselfde wet vir almal wees, vir vreemdelinge en vir Israeliete, want Ek is julle God die Here."

23Moses het dit vir die Israeliete gesê, en hulle het die man wat gelaster het, weggeneem uit die kamp en hulle het hom doodgegooi met klippe. Die Israeliete het gedoen wat die Here vir Moses gesê het.

Levitikus 25

Die Sabbatsjaar

1Die Here het op Sinai-berg vir Moses gesê:

2"Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer julle in die land kom wat Ek vir julle gee, dan moet elke sewende jaar 'n Sabbatsjaar wees.

3Julle moet ses jaar lank in julle koringlande en in julle wingerde werk en julle moet elke jaar die koring-oes en die druiwe bymekaarmaak.

4Maar die sewende jaar moet 'n spesiale rustyd vir die land wees, dit is 'n Sabbatsjaar vir die Here. Dan mag julle nie in julle lande en in julle wingerde werk nie.

5Julle mag nie die koring en gars afsny wat self begin groei nie en julle mag nie die druiwe pluk wat aan die ranke van julle wingerde groei nie. Dit is 'n jaar wanneer die land moet rus.

6Julle en julle slawe en julle slavinne en julle dagloners en julle bywoners moet in die Sabbatsjaar eet wat daar in die land is.

7Julle diere en die wilde diere moet ook eet van alles wat daar in die land is, daar sal genoeg kos vir julle almal wees."

Die Hersteljaar

8"Jy moet sewe groepe van sewe jaar tel, jy moet sewe maal sewe jaar tel, dit is 49 jaar.

9Dan moet jy op die tiende dag van die sewende maand, op Versoendag, oral in die land op die ramshoring blaas.

10Julle moet die vyftigste jaar wy en julle moet vir almal wat in die land woon, sê dat hulle vry kan word. Dit moet vir julle die Hersteljaar wees. Elkeen moet teruggaan na sy grond en sy familie.

11Die vyftigste jaar moet vir julle 'n Hersteljaar wees. Julle moenie saai nie en julle moenie die koring en die gars afsny wat self begin groei nie. Julle moet ook nie die druiwe aan die ranke van die wingerde pluk nie,

12want dit is 'n Hersteljaar, dit is vir julle 'n gewyde jaar. Julle moet eet van die kos wat daar in die veld is.

© Bible Society of South Africa.

13In hierdie Hersteljaar moet elkeen teruggaan na sy grond.

14Wanneer julle iets aan ander Israeliete verkoop of wanneer julle iets by hulle koop, dan moet julle nie mekaar laat swaarkry nie.

15Wanneer julle ’n stuk grond koop, dan moet julle tel hoeveel jaar verby is ná die Hersteljaar, en wanneer julle dit verkoop, dan moet julle tel hoeveel maal julle nog koring sal afsny tot die volgende Hersteljaar.

16As dit baie jare is, dan moet julle meer betaal, en as dit min jare is, dan moet julle minder betaal, want julle koop net die koring-oes tot die volgende Hersteljaar.

17Julle moenie mekaar laat swaarkry nie, julle moet julle God respekteer en dien. Ek is julle God die Here.

18Julle moet aanhou om te doen wat Ek wil hê en wat Ek besluit. As julle dit doen, dan sal julle veilig woon in die land.

19Daar sal dan baie koring wees wat julle kan afsny. Julle sal meer as genoeg hê om te eet, en julle sal veilig woon in die land.

20Julle vra miskien: ‘Wat sal ons eet in die sewende jaar as ons nie mag saai of koring mag afsny nie?’

21“Ek sal vir julle baie kos gee in die sesde jaar, die koring-oes sal genoeg wees vir drie jaar.

22Wanneer julle weer saai in die agste jaar, dan sal julle nog tot die negende jaar kan eet van die koring-oes in die sesde jaar.

23Julle mag nie grond verkoop sodat dit altyd aan die nuwe eienaar behoort nie, want die land behoort aan My, julle is vreemdelinge en bywoners by My.

24Iemand moet grond kan loskoop oral in julle land.

25As een van julle arm word en hy verkoop van sy grond, dan moet sy naaste losser kom en hy moet die grond loskoop wat sy familielid moes verkoop.

26Miskien het die persoon nie ’n losser nie, maar hy kry genoeg geld om homself los te koop.

27Dan moet hulle tel hoeveel jaar verby is nadat die persoon die grond verkoop het, en dan moet hy vir die persoon wat die grond gekoop het, betaal vir die jare wat oorbly tot die volgende Hersteljaar. Daarna kan hy teruggaan na sy grond.

28As die persoon nie genoeg geld kan kry om die grond terug te koop nie, dan moet die persoon wat die grond gekoop het, dit hou tot die volgende Hersteljaar. Dan moet die grond weer behoort aan die eerste persoon, en dan mag hy teruggaan na sy grond.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29“Wanneer iemand ’n huis verkoop in ’n stad wat mure het, dan kan hy die huis loskoop in die eerste jaar nadat hy dit verkoop het.

30As hy nie die huis terugkoop in die eerste jaar nie, dan kan die persoon wat dit gekoop het, en sy nageslag, die huis altyd hou. Die eerste eienaar kry nie weer die huis in die Hersteljaar nie.

31Daar is nie mure om party dorpe nie. Die huise in daardie dorpe staan in die veld. Die eerste eienaar van so ’n huis kry weer sy huis in die Hersteljaar.

32 Leviete kan die huise in hulle stede altyd terugkoop.

33Wanneer ’n Leviet sy huis in ’n Levietestad verkoop het en hy kan dit nie loskoop voor die Hersteljaar nie, dan moet hy die huis terugkry in die Hersteljaar. Die huise in die Levietestede moet altyd aan die Leviete behoort.

34Die Leviete mag nie die weiveld rondom hulle stede verkoop nie, dit moet altyd aan hulle behoort.

35“Wanneer een van julle arm word en hy kan homself nie help nie, dan moet jy hom help om aan te hou lewe, hy moet soos ’n vreemdeling of ’n bywoner by jou woon.

36Jy moenie vir hom rente laat betaal wanneer jy vir hom geld leen nie, en as jy dit doen, dan moet jy hom nie te veel laat betaal nie. Jy moet jou God respekteer en jy moet die ander Israeliet help om aan te hou lewe.

37Jy moenie vir hom rente laat betaal wanneer jy vir hom geld leen nie, en wanneer jy vir hom kos gee, dan moet jy hom nie te veel laat betaal nie.

38Ek is julle God die Here, Ek het julle uit die land Egipte gebring om vir julle die land Kanaän te gee en om julle God te wees.

39“Wanneer een van julle so arm word dat hy homself aan jou moet verkoop, dan moet jy hom nie vir jou laat werk soos ’n slaaf nie.

40Hy moet vir jou soos ’n dagloner of ’n bywoner wees, en hy moet vir jou werk net tot die Hersteljaar.

41Dan mag hy en sy kinders weggaan van jou, hulle mag teruggaan na sy familie en na die grond wat aan sy voorvaders behoort het.

42Want die Israeliete is my dienaars wat Ek uit die land Egipte gebring het. Jy mag nie ’n Israeliet verkoop soos jy ’n slaaf verkoop nie.

43Jy moenie kwaai regeer oor ’n ander Israeliet nie, jy moet jou God respekteer.

44“Jy mag slawe en slavinne koop van die ander volke rondom julle

45en ook van die bywoners, die vreemdelinge by julle, en van hulle families wat in julle land gebore is. Julle mag slawe hê wat julle so gekry het,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

46en julle kinders mag die slawe erf en hou so lank soos hulle lewe. Julle mag slawe hê wat julle so gekry het, maar julle mag nie kwaai oor ander Israeliete regeer nie.

47'n Vreemdeling of 'n bywoner by julle het miskien genoeg geld, of 'n Israeliet word miskien so arm dat hy homself moet verkoop aan die vreemdeling of sy familie.

48Dan mag iemand die Israeliet loskoop. Een van sy broers moet hom loskoop,

49of sy oom of sy neef of 'n ander familielid moet hom loskoop, of as hy dit self kan doen, dan mag hy dit doen.

50Hy en die man wat hom gekoop het, moet tel hoeveel jare dit is vandat hy homself verkoop het en soos 'n dagloner vir die man gewerk het, tot die Hersteljaar, en dan moet hy betaal om vry te word.

51As dit baie jare is tot die Hersteljaar, dan moet hy baie betaal om vry te word.

52As daar nie baie jare oorbly tot die Hersteljaar nie, dan moet hy net betaal vir elke jaar.

53Hy moet wees soos 'n dagloner wat in daardie jare vir die vreemdeling gewerk het. Jy moet kyk dat die vreemdeling nie hard regeer oor die Israeliet nie.

54As iemand hom nie losgekoop het voor die tyd nie, dan moet hy en sy kinders vry word in die Hersteljaar.

55Dit is wat julle moet doen, want die Israeliete is my dienaars, Ek het hulle uit die land Egipte gebring. Ek is hulle God die Here."

Levitikus 26

Die Here sal die Israeliete seën as hulle gehoorsaam is

1"Julle mag nie vir julle afgode maak nie. Julle mag nie beelde maak en klip-pale in die grond plant nie en julle mag nie klippe met prente van afgode in julle land neersit en voor hulle buig nie, want Ek is julle God die Here.

2Julle moet aanhou om my Sabbatdae te vier en julle moet my tempel respekteer. Ek is die Here.

3As julle lewe soos Ek sê en aanhou om te doen wat my gebooie sê,

4dan sal Ek vir julle reën gee op die regte tyd, en daar sal baie koring op die koringland wees en baie vrugte aan die bome.

5Julle sal besig wees om op die dorsvloer te werk, dan sal julle ook moet begin om by die parskuip te werk, en julle sal besig wees om by die parskuip te werk, dan sal julle weer moet begin om koring en gars te saai. Julle sal genoeg kos hê om te eet en julle sal veilig woon in die land.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Ek sal vrede gee in die land, en julle sal rustig slaap. Ek sal die wilde diere wegvat uit die land, en daar sal nie oorlog kom in die land nie.

7Julle sal julle vyande volg en jaag en julle sal hulle doodmaak.

8Vyf van julle sal 100 vyande volg en jaag, 100 van julle sal 10 000 vyande volg en jaag, julle sal julle vyande doodmaak.

9Ek sal vir julle sorg en Ek sal julle vrugbaar maak sodat julle baie sal word. Ek sal my verbond met julle hou en doen wat Ek belowe het.

10Julle sal brood eet van koring wat julle lank gelede gebêre het en julle sal die ou koring moet uithaal om plek te maak vir die nuwe koring.

11Ek sal my tempel tussen julle laat bly, dit sal nie vir My moeilik wees om naby julle te wees nie.

12Ek sal saam met julle lewe, Ek sal julle God wees, en julle sal my volk wees.

13Ek is julle God die Here, Ek het julle uit die land Egipte gebring. Julle was daar slawe, maar Ek het julle jukke gebreek sodat julle weer regop kon loop."

Die Here sal die Israeliete straf as hulle ongehoorsaam is

14"Julle sal miskien nie gehoorsaam wees aan My nie, en julle sal miskien nie alles doen wat my gebooie sê nie.

15As julle wys dat julle dink my wette is nie belangrik nie en as dit vir julle moeilik is om te doen wat Ek besluit, en julle breek my verbond,

16dan sal Ek hierdie dinge aan julle doen: Ek sal julle baie bang laat word, julle sal tering en hoë koors kry. Dit sal julle blind maak en dit sal julle stadig laat sterf. Julle sal koring en gars saai, maar julle sal niks koring of gars afsny nie, julle vyande sal dit eet.

17Ek sal julle vyand word. Julle vyande sal julle oorwin en hulle sal oor julle regeer. Julle sal vlug, ook wanneer niemand julle jaag nie.

18En as julle dan nog nie gehoorsaam wil wees aan My nie, dan sal Ek aanhou om julle te straf oor julle sondes.

19Ek sal alles wegvat waarop julle trots is, die hemel bo-oor julle sal soos yster word sodat dit nie sal reën nie, en die aarde sal soos koper word sodat daar niks sal groei nie.

20Julle sal werk maar julle sal niks kry nie, daar sal nie koring en gars op die lande wees of vrugte aan die bome nie.

21En as julle opstandig bly teen My en julle wil nie gehoorsaam wees aan My nie, dan sal Ek aanhou om julle te straf oor julle sondes.

© Bible Society of South Africa.

22Ek sal wilde diere laat kom teen julle. Hulle sal julle kinders en julle diere doodmaak, julle sal min word, daar sal nie mense op julle paaie loop nie.

23En as julle dan nog nie wil luister nie en opstandig bly teen My,

24dan sal Ek ook julle vyand word, Ek sal aanhou om julle kwaai te straf oor julle sondes.

25Ek sal julle straf omdat julle die verbond gebreek het, Ek sal oorlog bring teen julle. As julle na die stede vlug, dan sal Ek pes tussen julle laat kom, en julle vyande sal wen teen julle.

26Ek sal julle kos laat opraak, daar sal so min meel wees dat tien vroue in een oond brood sal bak. Hulle sal die brood weeg, en die stukkie brood wat elkeen kry, sal nie genoeg wees nie.

27En as julle dan nog ongehoorsaam is en julle bly opstandig teen My,

28dan sal Ek ’n vyand word wat baie kwaad is, Ek sal aanhou om julle te straf oor julle sondes.

29Julle sal julle eie kinders moet eet.

30Ek sal julle offer-plekke verwoes en Ek sal julle wierook-altare afbreek. Dit sal nie vir My moeilik wees om julle lyke bo-op julle dooie afgode te gooi nie.

31Julle stede sal hope klippe word, en daar sal nie mense in julle tempels wees nie. Ek wil nie meer die offers ruik wat julle bring nie.

32Ek self sal die land so verwoes dat julle vyande wat in die land kom woon, bang sal wees in die land.

33Ek sal julle oral in ander lande laat woon. Ek sal oorlog bring teen julle, en daar sal niemand in julle land woon nie, julle stede sal hope klippe wees.

34Wanneer daar nie meer mense in die land is nie, en wanneer julle in die land van julle vyande is, dan sal die land kan rus en die land sal sy Sabbatsjare geniet.

35Die land sal die hele tyd rus wanneer daar nie mense woon nie. Die land het nie gerus op julle Sabbatdae toe julle daar gewoon het nie.

36Die paar mense wat nog lewe, sal baie bang wees in die land van hulle vyande. Hulle sal vlug wanneer hulle ’n blaar hoor wat val, hulle sal vlug soos hulle in oorlog sal vlug, hulle sal ook vlug wanneer niemand hulle jaag nie.

37Hulle sal oor mekaar val soos in ’n oorlog, ook wanneer niemand hulle jaag nie. Julle sal nie sterk genoeg wees om teen julle vyande te veg nie.

38Julle sal verdwyn tussen die volke, die land van julle vyande sal julle opvreet.

© Bible Society of South Africa.

39Die paar mense wat nog lewe, sal sterf en verdwyn oor hulle sondes in die land van hulle vyande. Hulle sal ook sterf en verdwyn oor die sondes van hulle voorvaders.

40Miskien sal hulle bely dat hulle en hulle voorvaders sonde gedoen het, en dat hulle ontrou en opstandig was teen My.

41Miskien sal hulle dan weet dat Ek hulle vyand geword het en dat Ek hulle na die land van hulle vyande gebring het. Miskien sal hulle jammer wees dat hulle soos heidene gelewe het en miskien sal hulle sê dat hulle die straf oor hulle sondes sal dra.

42Dan sal Ek onthou dat Ek ’n verbond gemaak het met Jakob, Isak en Abraham, en met die land.

43Maar die land sal eers alleen moet wees, daar sal nie mense woon nie, sodat die land sy Sabbatsjare kan geniet. My volk moet eers sê dat hulle die straf oor hulle sondes sal dra, want hulle het gewys dat dit nie vir hulle belangrik is om te doen wat Ek besluit nie, dit was vir hulle te moeilik om te doen wat Ek sê.

44“Maar wanneer hulle in die land van hulle vyande is, sal Ek hulle nie los nie. Dit sal vir My te moeilik wees om hulle almal te laat sterf en om my verbond met hulle te breek, want Ek is hulle God die Here.

45Ek sal onthou dat Ek ’n verbond gemaak het met hulle. Al die volke het gesien hoe Ek my volk uit die land Egipte gebring het sodat Ek hulle God kon wees. Ek is die Here.”

46Dit is die wette wat die Here op Sinai-berg gegee het toe Hy die verbond gemaak het met hulle. Moses het dit vir hulle gesê.

Levitikus 27

Mense of diere of dinge wat aan die Here gewy is

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet vir die Israeliete sê: Iemand maak miskien ’n gelofte aan die Here en hy wy ’n persoon aan die Here. Dan moet julle sê hoeveel hy moet betaal om die persoon weer los te koop.

3Dit is hoeveel hy moet betaal: Vir ’n man tussen 20 en 60 jaar moet hy 50 tempel-sikkels silwer betaal,

4vir ’n vrou 30 sikkels,

5vir ’n man of ’n seun tussen vyf en 20 jaar 20 sikkels, vir ’n vrou of ’n dogter tien sikkels,

6vir ’n seun van ’n maand tot vyf jaar vyf sikkels, vir ’n dogter drie sikkels,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7vir ’n man van 60 jaar en ouer 15 sikkels, en vir ’n vrou tien sikkels.

8“En as iemand te arm is om hierdie geld te betaal, dan moet hy die persoon wat hy gewy het, na die priester toe bring, en die priester moet besluit hoeveel die arm man kan betaal.

9“As iemand ’n dier bring om vir die Here te offer, en dit is ’n dier wat hy mag offer, dan is die dier aan die Here gewy.

10Hy mag nie die dier omruil of ’n ander dier gee nie. As hy dit doen, dan is altwee die diere aan die Here gewy.

11En as dit ’n onrein dier is wat hy nie aan die Here mag offer nie, dan moet hy die dier na die priester toe bring.

12Die priester sal sê hoeveel hy moet betaal vir daardie dier. Miskien is dit ’n goeie dier of miskien is dit ’n slegte dier, dit maak nie saak nie. Die priester moet sê hoeveel die persoon moet betaal, en die persoon moet dit dan betaal.

13Maar as die persoon die dier wil loskoop, dan moet hy een vyfde meer betaal.

14“Wanneer ’n persoon sy huis aan die Here wy, dan moet die priester sê hoeveel die persoon moet betaal. Miskien is dit ’n goeie huis, miskien is dit ’n slegte huis, dit maak nie saak nie. Die priester moet sê hoeveel die persoon moet betaal, en die persoon moet dit dan betaal.

15Maar as die persoon wat die huis gewy het, dit wil loskoop, dan moet hy een vyfde meer betaal, dan is dit weer sy huis.

16“As iemand ’n stuk van sy grond aan die Here wy, dan moet julle kyk hoeveel saad iemand op daardie grond kan saai. Hy moet 50 sikkels silwer betaal vir elke gomer gars wat hy op daardie grond saai.

17As die persoon die grond wy net ná die Hersteljaar, dan moet hy alles betaal as hy dit wil loskoop.

18As hy die grond wy lánk ná die Hersteljaar, dan moet die priester sê die persoon mag minder betaal, die priester moet die jare tel wat oorbly tot die volgende Hersteljaar.

19As die persoon die grond wat hy gewy het, self wil loskoop, dan moet hy een vyfde bysit by die geld wat hy vir die priester moet gee, dan mag hy die grond hou.

20As hy nie self die grond loskoop nie en hy verkoop dit aan iemand anders, dan mag hy dit nie weer loskoop nie.

21Wanneer die eerste eienaar weer die grond kry in die Hersteljaar, dan is dit aan die Here gewy. Dit is soos grond wat net aan die Here mag behoort. Die priester moet die grond kry.

© Bible Society of South Africa.

22As ’n persoon grond gekoop het wat nie aan hom behoort het nie, en hy wy die grond,

23dan moet die priester tel hoeveel jaar oorbly tot die Hersteljaar, en hy moet dan sê hoeveel die persoon moet betaal. Die persoon moet die geld dieselfde dag betaal, dit is aan die Here gewy.

24Die persoon wat die grond verkoop het, moet dit in die Hersteljaar terugkry, dit is sy grond.

25“Wanneer mense moet betaal om iets los te koop wat gewy is, dan moet hulle tempel-sikkels gebruik, daar is 20 gera in ’n sikkel.

26Die eerste kalwers en lammers behoort aan die Here, niemand kan hulle wy nie, hulle behoort klaar aan die Here.

27Iemand kan die eerste kleintjie van ’n onrein dier loskoop. Die priester moet sê hoeveel die persoon moet betaal, en die persoon wat dit loskoop, moet een vyfde meer betaal. As iemand dit nie loskoop nie, dan moet die priester sê hoeveel iemand anders daarvoor moet betaal.

28Wanneer iemand vir die Here iets gegee het om net aan die Here te behoort, dan kan niemand dit koop of loskoop nie. Dit kan ’n mens of ’n dier of grond wees, as dit net aan die Here mag behoort, dan is dit hoog-gewyd.

29As iemand ’n ander persoon so aan die Here gegee het, dan mag niemand die persoon loskoop nie. Julle moet hom doodmaak.

30“Al die tiendes van koring of gars of vrugte behoort aan die Here, dit is aan die Here gewy.

31Wanneer iemand van die tiendes wil loskoop, dan moet hy een vyfde meer betaal.

32Al die tiendes van beeste of skape of bokke is aan die Here gewy. Julle moet elke tiende dier vang, dit behoort aan die Here.

33Julle mag nie kyk of die dier goed of sleg is nie en julle mag dit nie omruil vir ’n ander dier nie. As iemand dit doen, dan is altwee diere aan die Here gewy, niemand mag dit loskoop nie.”

34Dit is die gebooie wat die Here op Sinai-berg vir Moses gegee het om vir die Israeliete te gee.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Numeri

Numeri 1

Moses en Aäron tel die Israeliete

1Die Here het met Moses gepraat in die Sinai-woestyn in die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het. Dit was op die eerste dag van die tweede maand nadat die Israeliete uit Egipte gekom het. Die Here het gesê:

2"Julle moet al die mense van die volk Israel tel. Julle moet elkeen se naam in 'n boek skryf, en julle moet ook skryf van wie se nageslag hy is en aan watter familie hy behoort.

3Moses, jy en Aäron moet dit doen. Julle moet in die boek die naam skryf van elke man wat 20 jaar of ouer is, elkeen wat oorlog kan maak, en ook by watter groep van die leër hy moet wees.

4Een persoon van elke stam, 'n familiehoof, moet vir julle help.

5Hier is die name van die persone wat vir julle moet help: "Van die stam Ruben: Elisur seun van Sedeür,

6van Simeon: Selumiël seun van Suri-Saddai,

7van Juda: Nagson seun van Amminadab,

8van Issaskar: Netanel seun van Suar,

9van Sebulon: Eliab seun van Gelon,

10van die nageslag van Josef, van Efraim: Elisama seun van Ammihud, van Manasse: Gamliël seun van Pedasur,

11van Benjamin: Abidan seun van Gidoni,

12van Dan: Agiëser seun van Ammi-Saddai,

13van Aser: Pagiël seun van Okran,

14van Gad: Eljasaf seun van Deüel,

15van Naftali: Agira seun van Enan.

16"Ek het hierdie stamhoofde uit die volksvergadering gekies. Hulle is die hoofde van die groepe in die leër van Israel."

17Nadat die Here hierdie manne gekies het, het Moses en Aäron hulle geneem

18en die hele volksvergadering laat bymekaarkom op die eerste dag van die tweede maand. Elke man wat 20 jaar of ouer was, moes sê van wie se nageslag hy is en aan watter familie hy behoort.

© Bible Society of South Africa.

19Dit was wat die Here vir Moses gesê het, en Moses het in die Sinai-woestyn hulle
name in die boek geskryf.

20-46Moses en Aäron en die twaalf leiers het die manne getel wat 20 jaar of ouer
was, elkeen wat oorlog kon maak. Hulle het opgeskryf van wie se nageslag elke
persoon is, aan watter familie hy behoort en by watter groep van die leër hy moet
wees. Hier is die getalle van die manne van die nageslag van die stamvaders: Ruben,
die oudste seun van Israel: 46 500 manne Simeon: 59 300 Gad: 45 650 Juda: 74 600
Issaskar: 54 400 Sebulon: 57 400 Efraim seun van Josef: 40 500 Manasse seun van
Josef: 32 200 Benjamin: 35 400 Dan: 62 700 Aser: 41 500 Naftali: 53 400 Almal saam:
603 550 manne.

Die werk van die Leviete

47Moses-hulle het nie die manne van die Levi-stam saam met die ander Israeliete
getel nie.

48Die Here het vir Moses gesê:

49"Jy moenie die name van die Leviete in hierdie boek skryf nie, jy moet hulle nie
saam met die ander Israeliete tel nie.

50Jy self moet vir die Leviete sê wat hulle moet doen. Hulle moet sorg vir die tempel-
tent. Die kis waarin die tien gebooie is, is in die tempel-tent. Hulle moet ook sorg vir
al die stukke wat by die tempel-tent moet wees. Hulle moet die tempel-tent dra en
daarmee werk en hulle moet hulle tente rondom die tempel-tent opslaan.

51Wanneer hulle die tempel-tent na 'n ander plek moet neem, dan moet die Leviete
dit afslaan, en wanneer die tempel-tent op 'n nuwe plek moet staan, dan moet die
Leviete dit opslaan. Wanneer 'n ander persoon naby die tempel-tent kom, dan moet
julle hom doodmaak.

52Elke stam van Israel moet hulle tente opslaan op hulle eie plek en by hulle eie vlag
in hulle groepe.

53Maar die Leviete moet hulle tente opslaan rondom die tent waarin die kis en die
tien gebooie is. Hulle moet dit doen sodat die Here nie kwaad word en die volk Israel
straf nie. Die Leviete moet werk met die tent. Die kis waarin die tien gebooie is, is in
die tent."

54Die Israeliete het alles gedoen wat die Here vir Moses gesê het, hulle het dit
presies so gedoen.

Numeri 2

Die kampe van die stamme

1Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2“Elke stam moet sy tente opslaan by sy vlag, by sy familie-teken. Die Israeliete moet hulle tente opslaan rondom die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

3-9“Die vlag van die Juda-kamp moet oos van die tempel-tent staan. Die stamme wat hulle tente daar in groepe moet opslaan, is: “Juda wat 74 600 manne het, hulle leier is Nagson seun van Amminadab, Issaskar wat 54 400 manne het, hulle leier is Netanel seun van Suar, Sebulon wat 57 400 manne het, hulle leier is Eliab seun van Gelon. “In die Juda-kamp is hulle almal saam 186 400 manne en hulle moet eerste gaan.

10-16“Die vlag van die Ruben-kamp moet suid van die tempel-tent staan. Die stamme wat hulle tente daar in groepe moet opslaan, is: “Ruben wat 46 500 manne het, hulle leier is Elisur seun van Sedeür, Simeon wat 59 300 manne het, hulle leier is Selumiël seun van Suri-Saddai, Gad wat 46 650 manne het, hulle leier is Eljasaf seun van Reüel. “In die Ruben-kamp is hulle almal saam 125 450 manne en hulle moet tweede gaan.

17“Daarna moet die Leviete die tent dra, die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Die tente van die Leviete is in die middel van die kamp, en elkeen moet gaan wanneer dit sy beurt is, elkeen by sy vlag.

18-24“Die vlag van die Efraim-kamp moet wes van die tempel-tent staan. Die stamme wat hulle tente daar in groepe moet opslaan, is: “Efraim wat 40 500 manne het, hulle leier is Elisama seun van Ammihud, Manasse wat 32 200 manne het, hulle leier is Gamliël seun van Pedasur, Benjamin wat 35 400 manne het, hulle leier is Abidan seun van Gidoni. “In die Efraim-kamp is hulle almal saam 108 100 manne en hulle moet derde gaan.

25-31“Die vlag van die Dan-kamp moet noord van die tempel-tent staan. Die stamme wat hulle tente daar in groepe moet opslaan, is: “Dan wat 62 700 manne het, hulle leier is Agiëser seun van Ammi-Saddai, Aser wat 41 500 manne het, hulle leier is Pagiël seun van Okran, Naftali wat 53 400 manne het, hulle leier is Agira seun van Enan. “In die Dan-kamp is hulle almal saam 157 600 manne en hulle moet laaste gaan.”

32Moses-hulle het die Israeliete in die kampe getel, hulle het getel hoeveel persone in elke familie en groep is. Hulle was almal saam 603 550.

33Moses-hulle het nie die Leviete saam met die ander Israeliete getel nie. Die Here het vir Moses gesê hy moenie hulle tel nie.

34Die Israeliete het alles gedoen wat die Here vir Moses gesê het. Hulle het hulle tente opgeslaan by hulle vlae, en die families en huisgesinne van elke stam het elkeen gegaan wanneer dit sy beurt is.

Numeri 3

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die Levi-stam

1Hier is ’n lys van die nageslag van Aäron en Moses op die dag toe die Here op Sinai-
berg met Moses gepraat het.

2Hier is die name van die seuns van Aäron: Die oudste seun was Nadab, en die ander
seuns was Abihu, Eleasar en Itamar.

3Dit is die name van Aäron se seuns, die gesalfde priesters. Moses het hulle gewy
om priesters te wees.

4Nadab en Abihu het in die Sinai-woestyn gesterf toe hulle verkeerde vuur op
die altaar neergesit het. Die Here het hulle laat sterf. Hulle het nie seuns gehad nie,
en toe was net Eleasar en Itamar priesters saam met hulle pa Aäron.

5Die Here het vir Moses gesê:

6“Jy moet die Levi-stam laat nader kom sodat hulle vir die priester Aäron kan werk.

7Hulle moet vir die hele volk werk by die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn,
hulle moet alles wat nodig is, by die tempel-tent doen.

8Hulle moet sorg vir alles wat by die tent moet wees, hulle moet die werk doen vir
die Israeliete, die werk wat nodig is by die tempel-tent.

9Jy moet die Leviete vir Aäron en sy seuns gee. Die Israeliete gee die Leviete sodat
hulle vir Aäron en sy seuns kan werk.

10Net Aäron en sy seuns mag priesters wees. Wanneer iemand anders die priester-
werk doen, dan moet julle hom doodmaak.”

11Die Here het vir Moses gesê:

12“Ek het self die Leviete weggeneem van die Israeliete. Ek het nie die oudste seuns
van die Israeliete geneem nie, Ek het die Leviete geneem in hulle plek. Die Leviete
behoort aan My.

13Al die oudste seuns en al die eerste kleintjies van die mak diere is Myne. Dit is
so van daardie dag af toe Ek die oudste seuns in Egipte laat sterf het. Ek het toe elke
seun en elke dier wat eerste gebore is, aan My gewy, hulle is Myne, Ek is die Here.”

14Die Here het in die Sinai-woestyn met Moses gepraat en vir hom gesê:

15“Jy moet die name van die Leviete en die name van hulle voorvaders en families in
’n boek skryf. Jy moet die name opskryf van elke man en seun wat ’n maand of ouer
is.”

16Moses het toe die name van die Leviete opgeskryf soos die Here gesê het.

17Hier is die name van die seuns van Levi: Gerson, Kehat en Merari.

18Hier is die name van die Gerson-families: Libni en Simi.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Die Kehat-families was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël.

20Merari se seuns was Magli en Musi. Dit is ook die name van die Merari-families.
Hulle was van die nageslag van Levi.

21Die Libni-familie en die Simi-familie was van die nageslag van Gerson. Hulle was
Gerson-families.

22Die mans en ook die seuns wat ’n maand of ouer was en wie se name in die boek
geskryf is, was almal saam 7 500.

23Die Gerson-families moes hulle tente agter die tempel-tent opslaan, wes van die
tempel-tent.

24Die leier van die Gerson-families was Eljasaf seun van Lael.

25Die nageslag van Gerson moes werk by die tent waar die Here aan die Israeliete
verskyn. Hulle moes sorg vir: die tempel-tent, die tent en sy seil, die gordyn voor die
ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn,

26die gordyne rondom die oop stuk grond, die gordyn voor die ingang van die oop
stuk grond wat rondom die tempel-tent en die altaar is, en die toue. Hulle moes alles
doen wat daar nodig was.

27Die families Amram, Jishar, Hebron en Ussiël was van die nageslag van Kehat. Hulle
was Kehat-families.

28Die mans en seuns wat ’n maand of ouer was en wie se name in die boek geskryf is,
was almal saam 8 600. Hulle moes al die werk by die tempel-tent doen.

29Die Kehat-families moes hulle tente opslaan langs die tempel-tent, suid van die
tempel-tent.

30Die leier van die Kehat-families was Elisafan seun van Ussiël.

31Hulle moes werk met die kis, die tafel, die lampstaander, die altare en die gewyde
gereedskap daarby, die gordyn en alles wat nodig was by die kis.

32Die hoofleier van die Levi-stam was Eleasar seun van die priester Aäron. Hy moes
kyk dat die Leviete al die werk by die tempel-tent reg doen.

33Die Magli-familie en die Musi-familie was van die nageslag van Merari.

34Die mans wat ’n maand of ouer is en wie se name in die boek geskryf is, was almal
saam 6 200.

35Die leier van die Merari-families was Suriël seun van Abihajil. Hulle het hulle tente
opgeslaan langs die tempel-tent, noord van die tempel-tent.

36Die Merari-families moes werk met die rame van die tempel-tent, die dwarspale,
die pale, die voetstukke en al die ander dinge wat daarby moes wees,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37die pale rondom die oop stuk grond en die voetstukke en die penne en toue.

38Moses en Aäron en sy seuns moes hulle tente opslaan voor die tempel-tent, oos van die tempel-tent. Net Aäron en sy seuns moes vir die Israeliete die werk doen in die tempel-tent. As iemand anders hierdie priester-werk gedoen het, dan moes hulle hom doodmaak.

39Die Here het vir Moses en Aäron gesê hulle moet die name en families van die Leviete in ’n boek skryf. Die mans en ook die seuns wat ’n maand of ouer is, was almal saam 22 000.

Die Leviete in die plek van die oudste seuns

40Die Here het vir Moses gesê: “Jy moet al die oudste seuns van die Israeliete tel en jy moet hulle name in ’n boek skryf, almal wat ’n maand of ouer is.

41Maar jy moet die Leviete vir My neem in die plek van al die oudste seuns van die Israeliete, en jy moet die diere van die Leviete neem in die plek van al die eerste lammers en kalwers van die Israeliete.”

42Moses het gedoen wat die Here gesê het, hy het die name van die oudste seuns van die Israeliete in ’n boek geskryf, almal wat ’n maand of ouer was.

43Hulle was almal saam 22 273.

44Die Here het vir Moses gesê:

45“Jy moet die Leviete neem in die plek van al die oudste seuns van die Israeliete, en jy moet die Leviete se diere neem in die plek van die Israeliete se diere. Die Leviete behoort aan My, Ek is die Here.

46Maar daar is minder Leviete as die oudste seuns van die Israeliete. Daar is 273 meer oudste seuns. Jy moet hulle laat loskoop.

47Jy moet sê hulle moet elkeen van daardie 273 seuns loskoop vir vyf sikkels silwer, dit moet tempel-sikkels wees. Elke tempel-sikkel weeg 20 gera.

48Jy moet die geld neem wat jy kry vir die persone wat jy laat loskoop, en jy moet dit vir Aäron en sy seuns gee.”

49Moses het die loskoop-geld geneem van die persone wat meer was as die Leviete,

50hy het dit geneem van die oudste seuns van die Israeliete. Dit was 1 365 tempel-sikkels,

51en Moses het die loskoop-geld vir Aäron en sy seuns gegee. Die Here het gesê hy moet dit doen.

Numeri 4

Die werk van die Kehat-familie

1Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2“Jy moet die Kehat-familie tel en opskryf van wie se nageslag en van watter familie elkeen is.

3Jy moet almal tel wat tussen 30 en 50 jaar oud is, almal wat kan werk. Hulle moet werk met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

4Die Kehat-familie moet werk met die hoog-gewyde dinge van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

5Wanneer die mense in die kamp moet weggaan, dan moet Aäron en sy seuns kom en hulle moet die gordyn voor die binneste kamer afhaal. Hulle moet die kis waarin die tien gebooie is, daarmee toemaak.

6Dan moet hulle ’n seil van sagte vel bo-oor die kis sit, en daarna ’n lap van blou wol-materiaal. Daarna moet hulle die dra-houte in die ringe van die kis sit.

7Hulle moet ’n blou lap oor die tafel gooi waarop die offer-brood is, en dan moet hulle die skottels, die panne, die bakke en die kanne daarop sit, die kanne waarmee hulle die drank-offer uitgooi. Die offer-brood moet ook daarby wees.

8Hulle moet ’n rooi lap bo-oor gooi en alles toemaak met ’n vel-seil. Dan moet hulle die dra-houte in die ringe van die tafel sit.

9Daarna moet hulle ’n blou lap neem en die lampstaander toemaak, saam met die lampe en die dekseltjies wat die lampe doodmaak en die olie-kanne wat daarby moet wees.

10Hulle moet ’n vel-seil oor alles gooi en hulle moet dit op pale sit om dit te dra.

11Hulle moet ’n blou lap oor die goue altaar gooi en hulle moet dit toemaak met ’n vel-seil. Dan moet hulle die altaar se dra-houte in die ringe sit.

12Daarna moet hulle al die gereedskap neem wat hulle in die tempel-tent gebruik en hulle moet dit in ’n blou lap sit en dit toemaak met ’n vel-seil en dit op dra-pale sit.

13Hulle moet die as van die altaar afvee en ’n pers lap oor die altaar gooi.

14Dan moet hulle al die gereedskap wat hulle by die altaar gebruik, daarop sit: die emmers, die vurke, die grawe en die bakke, al die gereedskap van die altaar, en hulle moet dit toemaak met ’n vel-seil. Dan moet hulle die altaar se dra-houte in die ringe sit.

15Wanneer die mense moet weggaan uit die kamp, dan moet Aäron en sy seuns eers die tempel-tent en al sy gereedskap toemaak. Wanneer hulle dit klaar gedoen het, dan kan die Kehat-familie dit kom dra. Hulle mag nie aan die gewyde dinge raak nie. As hulle dit doen, dan sal hulle sterf. Die Kehat-familie se werk is om die tent te dra waar die Here aan die Israeliete verskyn.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16“Eleasar seun van die priester Aäron, moet sorg dat daar olyf-olie vir die lampe is, en ook wierook, koring-offers vir elke dag, en salf-olie. Hy moet kyk dat almal reg werk in die tempel-tent en dat hulle die gereedskap reg gebruik.”

17Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

18-20“Aäron en sy seuns moet kom en hulle moet vir elkeen van die Kehat-familie sê wat hy moet doen en wat hy moet dra. Die mense van die Kehat-familie moenie kyk na die hoog-gewyde dinge nie, hulle moet glad nie kyk nie. Want as een van hulle dit doen, dan sal hy sterf, en julle moenie dat die Kehat-familie sterf en ophou lewe tussen die Leviete nie. Julle moet dit vir hulle sê sodat hulle kan aanhou lewe.”

Die werk van die Gerson-familie

21Die Here het vir Moses gesê:

22“Jy moet die Gerson-familie ook tel, jy moet skryf aan watter familie elkeen behoort en van wie se nageslag hy is.

23Jy moet almal tel wat tussen 30 en 50 jaar oud is, almal wat kan werk. Hulle moet werk met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

24Hierdie is die dinge wat die Gerson-familie moet doen en wat hulle moet dra:

25Hulle moet die stukke materiaal van die tempel-tent dra, die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, en die seil en die vel-seil wat daaroor is, en die gordyn by die ingang van die tent,

26en die gordyne om die oop stuk grond, en die gordyn by die ingang van die poort van die oop stuk grond rondom die tempel-tent en die altaar, en die toue en al die ander goed wat daarby moet wees. Die Gerson-familie moet alles doen wat nodig is by die altaar.

27Hulle moet alles doen wat Aäron en sy seuns vir hulle sê. Hulle moet die goed dra en die werk doen wat hulle moet doen.

28Dit is die werk van die Gerson-familie by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Itamar seun van die priester Aäron moet kyk dat hulle die werk doen.”

Die werk van die Merari-familie

29“Jy moet die Merari-familie ook tel, jy moet opskryf van wie se nageslag elkeen is en aan watter familie hy behoort.

30Jy moet almal tel wat tussen 30 en 50 jaar oud is, almal wat kan werk. Hulle moet werk met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

31Hierdie is die dinge wat die Merari-familie moet dra en wat hulle alles moet doen: Hulle moet die rame van die tempel-tent dra, die dwarspale en die pale en die voetstukke van die tempel-tent,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

32die pale van die oop stuk grond rondom die tempel-tent, en die voetstukke en die penne en toue, en alles wat daarby moet wees. Jy moet sê watter goed elkeen moet dra.

33Dit is die werk van die Merari-familie met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Itamar seun van die priester Aäron moet kyk dat hulle die werk doen."

Die Leviete

34Moses en Aäron en die leiers van die volksvergadering het die Kehat-familie getel en hulle het opgeskryf van wie se nageslag elkeen is en aan watter familie hy behoort.

35Hulle het almal getel wat tussen 30 en 50 jaar oud was, en hulle het opgeskryf van wie se nageslag elkeen is en aan watter familie hy behoort.

36Die Kehat-familie was almal saam 2 750.

37Dit is die hele nageslag van Kehat wat gewerk het met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het. Die Here het vir Moses gesê hy en Aäron en die leiers moet die Kehat-familie tel, en hulle het dit gedoen.

38Moses en Aäron het ook die Gerson-familie getel. Hulle het opgeskryf van wie se nageslag elkeen is en aan watter familie hy behoort.

39Hulle het almal getel wat tussen 30 en 50 jaar oud is, almal wat die werk kon doen met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het.

40Die Gerson-familie was almal saam 2 630.

41Dit is die hele nageslag van Gerson wat gewerk het by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het. Die Here het vir Moses gesê hy en Aäron en die leiers moet die Gerson-familie tel, en hulle het dit gedoen.

42Moses en Aäron het ook die Merari-familie getel. Hulle het opgeskryf van wie se nageslag elkeen is en aan watter familie hy behoort.

43Hulle het almal getel wat tussen 30 en 50 jaar oud is, almal wat die werk kon doen met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het.

44Die Merari-familie was almal saam 3 200.

45Dit is die hele nageslag van Merari wat gewerk het by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het. Die Here het vir Moses gesê hy en Aäron en die leiers moet die Merari-familie tel, en hulle het dit gedoen.

46Moses en Aäron en die leiers van Israel het al die Leviete getel, hulle het opgeskryf van wie se nageslag elkeen is en aan watter familie hy behoort.

47Hulle het almal getel wat tussen 30 en 50 jaar oud was, almal wat die werk kon doen met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

48Die Leviete was almal saam 8 580.

49Die Here het vir Moses gesê hy en die ander leiers moet die Leviete tel en hulle moet vir elke familie sê watter werk die familie moet doen met die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het en wat elkeen moet dra.

Numeri 5

Onrein persone

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Jy moet vir die Israeliete sê: Julle moet elke persoon wegstuur wat melaats is, en ook elkeen wat 'n geslagsiekte het of wat onrein geword het omdat hy aan 'n lyk geraak het.

3Julle moet daardie mans en vroue wegstuur, julle moet hulle uit die kamp stuur, sodat hulle nie hulle kampe onrein laat word nie, die kampe waar Ek tussen hulle woon."

4Die Israeliete het dit gedoen. Hulle het die persone wat onrein is, uit die kamp gestuur. Die Israeliete het gedoen wat die Here vir Moses gesê het.

Mense wat iets verkeerd doen aan ander mense

5Die Here het vir Moses gesê:

6"Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer 'n persoon, 'n man of 'n vrou, iets verkeerd doen aan 'n ander mens, dan is hy ontrou aan die Here en dan is daardie persoon skuldig.

7Hy moet sy sonde bely wat hy gedoen het en hy moet boete betaal omdat hy verkeerd gedoen het. Hy moet dit gee vir die persoon aan wie hy die verkeerde ding gedoen het en hy moet een vyfde meer bysit.

8As die persoon aan wie hy verkeerd gedoen het, gesterf het, en daar is ook nie iemand wat familie is aan wie hy die boete kan betaal nie, dan moet hy die geld vir die Here gee, en die priester moet dit kry. Maar die persoon wat verkeerd gedoen het, moet ook nog 'n skaap-ram gee. Die skaap-ram moet die offer wees waarmee die priester versoening moet doen vir die persoon."

Gewyde presente

9Die Here het vir Moses gesê: "Wanneer die Israeliete gewyde presente gee om offers te wees, dan moet die priester daarvan kry.

10Die gewyde presente wat 'n persoon bring, bly sy eie presente, maar hy moet daarvan vir die priester gee wat die priester moet kry."

'n Vrou wat ontrou is aan haar man

11Die Here het vir Moses gesê:

© Bible Society of South Africa.

12“Jy moet vir die Israeliete sê: ’n Man se vrou is miskien ontrou aan hom

13en sy het seks met ’n ander man, maar haar eie man weet nie daarvan nie. Daar is ook nie ’n getuie teen haar nie, en niemand het gesien dat sy dit doen nie.

14Haar man dink miskien dat sy dit gedoen het en dit is waar, sy het haarself onrein laat word, of haar man dink dat sy dit gedoen het, maar dit is nie waar nie, sy het haarself nie onrein laat word nie.

15Dan moet die man sy vrou na die priester toe bring. Hy moet ’n offer vir haar saambring, die offer moet een tiende van ’n efa garsmeel wees. Hy moenie olyf-olie op die meel gooi nie en hy moenie wierook daarop sit nie, want dit is ’n koring-offer van ’n man wat dink dat sy vrou ontrou was aan hom. Die offer moet wys of die vrou skuldig is of nie skuldig is nie.

16Die priester moet die vrou laat nader kom en hy moet haar voor die Here laat staan.

17Dan moet die priester ’n kleipot met gewyde water neem en hy moet van die stof neem wat op die vloer van die tempel-tent is en hy moet dit in die water gooi.

18Die priester moet die vrou daar voor die Here laat staan en hy moet haar hare losmaak. Dan moet hy die koring-offer op haar hande sit, die koring-offer wat moet wys of sy skuldig is. Die priester self moet die pot met die bitter water vashou, die water waarmee hy die vrou sal vervloek as sy skuldig is.

19Die priester moet dan vir die vrou daar voor die Here vra of sy skuldig is of nie. Hy moet vir haar sê: As ’n ander man nie seks gehad het met jou nie en jy was nie ontrou aan jou man nie, en as jy jouself nie onrein gemaak het nie, dan sal hierdie bitter water niks aan jou doen nie, die water waarmee ek jou kan vervloek.

20Maar as jy ontrou was aan jou man en as jy jouself onrein laat word het omdat jy seks gehad het met ’n ander man,

21dan sê ek nou hier voor die Here vir jou dat ek jou sal vervloek. Jy sal onvrugbaar word, en jou eie mense sal jou vervloek.

22Hierdie water waarmee ek jou moet vervloek, sal in jou ingaan, en jy sal onvrugbaar word. “Dan moet die vrou sê: ‘Ja, as ek skuldig is, dan moet dit gebeur.’

23“Dan moet die priester die woorde waarmee hy die vrou moet vervloek, op ’n stuk vel skryf, en hy moet die letters afwas in die bitter water.

24Daarna moet hy sê die vrou moet die bitter water drink, die water waarmee hy haar moet vervloek. Die bitter water waarmee hy haar moet vervloek, moet in haar ingaan.

© Bible Society of South Africa.

25Dan moet die priester die koring-offer by die vrou neem, die offer van die man wat
dink dat sy vrou ontrou was aan hom, en die priester moet die offer heen en weer
beweeg voor die Here en hy moet dit na die altaar bring.

26Die priester moet dan meel in sy hand neem, dit is die deel wat die Here moet kry,
en hy moet die meel op die altaar verbrand. Daarna moet hy sê die vrou moet die
water drink.

27As die vrou haarself onrein gemaak het en ontrou was aan haar man, en die bitter
water waarmee die priester haar moet vervloek, kom in haar, dan sal sy onvrugbaar
word en haar eie mense sal haar vervloek.

28Maar as die vrou haarself nie onrein gemaak het nie en sy is nog rein, dan sal die
water niks aan haar doen nie, en sy sal weer kinders kan kry.

29Dit is die wet vir wanneer ’n vrou ontrou is aan haar man en wanneer sy haarself
onrein maak.

30Dit is ook die wet vir wanneer ’n man net dínk dat sy vrou ontrou was aan hom. Die
priester moet die vrou voor die Here laat staan en hy moet alles met haar doen wat
die wet sê.

31Die man sal onskuldig wees, maar die vrou sal die straf moet dra vir die sonde wat
sy gedoen het.”

Numeri 6

Nasireërs

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet met die Israeliete praat en jy moet vir hulle sê: Wanneer ’n man of ’n vrou
’n gelofte maak om ’n nasireër te wees en om homself aan die Here te wy,

3dan mag hy nie wyn of sterk drank drink nie. Hy mag nie wyn of asyn of sterk drank
drink nie. Hy mag ook nie druiwesap drink nie en hy mag nie druiwe eet nie, nie vars
druiwe of rosyne nie.

4In die tyd terwyl hy ’n nasireër is, mag hy niks eet wat van ’n wingerdstok kom nie,
ook nie die pitte of die skille nie.

5Terwyl hy ’n nasireër is soos hy belowe het, mag hy nie sy hare skeer nie. Hy
moet gewyd bly. Hy het homself ’n tyd lank aan die Here gewy, en hy moet gewyd
bly totdat daardie tyd verby is. Sy hare moet lank word.

6Terwyl hy aan die Here gewy is, mag hy nie naby ’n lyk kom nie.

7Ook wanneer dit sy pa of sy ma of ’n broer of ’n suster is wat sterf, mag hy homself
nie onrein laat word nie, want sy lang hare wys dat hy aan die Here gewy is.

8Terwyl hy ’n nasireër is, is hy aan die Here gewy.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9“Maar wanneer iemand by hom skielik sterf en die nasireër word onrein, dan moet
hy sy hare afskeer op die dag wanneer hy weer rein is, dit is op die sewende dag,
dan moet hy sy hare afskeer.

10Op die agste dag moet hy twee tortelduiwe of twee makduiwe na die priester toe
bring by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

11Die priester moet een duif offer om ’n sonde-offer te wees en die ander duif moet
hy offer om ’n brand-offer te wees. Die priester moet versoening doen vir die
persoon, want hy was naby ’n lyk en hy moet daardie dag weer gewy word.

12Hy moet homself weer aan die Here wy vir daardie hele tyd en hy moet ’n jaaroud
ram-lam bring om ’n skuld-offer te wees. Die tyd wat verby is, beteken niks, omdat
hy onrein geword het.

13“Die nasireër het homself ’n tyd lank aan die Here gewy, en hy moet gewyd bly
totdat daardie tyd verby is. Hierdie is die wet vir die nasireër: Iemand bring hom na
die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn,

14en hy bring sy offer vir die Here saam. Die offer is: ’n gesonde jaaroud ram-lam om
’n brand-offer te wees, ’n gesonde jaaroud ooi-lam om ’n sonde-offer te wees, ’n
gesonde skaap-ram om ’n ete-offer te wees,

15en ook ’n mandjie ongesuurde brood wat hulle gemaak het van die beste meel,
rondebrood en roosterkoek. Hy moet die rondebrood se deeg meng met olyf-olie en
hy moet olyf-olie smeer aan die roosterkoek. Hy bring ook die koring-offers en
die drank-offers wat saam met die ander offers moet wees.

16Die priester bring dan die nasireër voor die Here, en die priester offer dan die
sonde-offer en die brand-offer.

17Hy offer die ram om ’n ete-offer te wees en hy offer die koring-offers en die drank-
offers wat saam met die ander offers moet wees.

18Die nasireër skeer dan sy lang hare af by die ingang van die tent waar die Here aan
die Israeliete verskyn en hy neem die lang hare en sit dit op die vuur waar hulle die
ete-offer gaarmaak.

19Wanneer die ete-offer gaar is, dan neem die priester die skouerblad van die ram en
’n rondebrood uit die mandjie, en ’n roosterkoek, en hy sit dit op die hande van die
nasireër nadat hy sy hare afgeskeer het.

20Die priester beweeg die skouerblad en die brood heen en weer voor die Here. Dit is
’n beweeg-offer en dit is gewy en dit behoort aan die priester, saam met die bors en
die boud van die ram. Die bors is ’n beweeg-offer en die boud is ’n present. Daarna
mag die nasireër wyn drink.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Dit is wat die nasireër moet doen, hy het ’n gelofte gemaak en dit is die offer wat hy moet bring omdat hy gewyd is. Hy mag ook nog ander offers bring as hy iets het om vir die Here te gee. Hy moet doen wat hy belowe het en wat die wet sê.”

Die priesters moet die Israeliete seën

22Die Here het vir Moses gesê:

23“Jy moet vir Aäron en sy seuns sê hoe hulle die Israeliete moet seën. Hulle moet sê:

24“Die Here seën jou en Hy beskerm jou,

25Die Here is naby jou en Hy is genadig vir jou,

26Die Here doen wat jy vra en Hy laat dit goed gaan met jou.

27“Wanneer die priesters dit doen, dan sal Ek by die Israeliete wees en hulle seën.”

Numeri 7

Die leiers van die Israeliete gee presente vir die werk by die tempel-tent

1Toe Moses die tempel-tent klaar opgeslaan het, het hy die tent en al die gereedskap daarby gesalf en gewy, en ook die altaar en die altaar se gereedskap.

2Daarna het die leiers van die Israeliete presente gebring. Die leiers was die familiehoofde wat stamhoofde was, hulle was die hoofde van die Israeliete wie se name in die boek geskryf is.

3Die leiers het hulle presente vir die Here gebring. Dit was ses tentwaens en twaalf beeste, ’n tentwa vir elke twee leiers en ’n bees vir elke leier. Hulle het dit na die tempel-tent gebring,

4en die Here het vir Moses gesê:

5“Jy moet die waens en die beeste neem wat hulle bring, en jy moet dit vir die Leviete gee om te gebruik vir die werk met die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn, elke familie moet dit gebruik vir die werk wat hulle moet doen.”

6Moses het die waens en die beeste geneem en hy het dit vir die Leviete gegee.

7Hy het vir die Gerson-familie twee waens en vier beeste gegee vir die werk wat hulle moes doen.

8Hy het vir die Merari-familie vier waens en ag beeste gegee vir die werk wat hulle moes doen. Itamar seun van die priester Aäron moes kyk dat hulle die werk doen.

9Moses het nie vir die Kehat-familie waens en beeste gegee nie, want hulle moes werk met die gewyde dinge, hulle moes dit op hulle skouers dra.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Nadat Moses die altaar gesalf het, het die leiers van die stamme ook presente gebring. Hulle het die presente na die altaar gebring om die altaar te wy,

11en die Here het vir Moses gesê: “Een van die leiers moet elke dag sy presente bring om die altaar te wy, die leiers moet dit twaalf dae lank doen.”

12-83Elke leier het sy presente op een van die twaalf dae gebring. Die leiers was: Nagson seun van Amminadab van die stam Juda, Netanel seun van Suar, leier van die stam Issaskar, Eliab seun van Gelon, leier van die stam Sebulon, Elisur seun van Sedeür, leier van die stam Ruben, Selumiël seun van Suri-Saddai, leier van die stam Simeon, Eljasaf seun van Reüel, leier van die stam Gad, Elisama seun van Ammihud, leier van die stam Efraim, Gamliël seun van Pedasur, leier van die stam Manasse, Abidan seun van Gidoni, leier van die stam Benjamin, Agiëser seun van Ammi-Saddai, leier van die stam Dan, Pagiël seun van Okran, leier van die stam Aser, en Agira seun van Enan, leier van die stam Naftali. Die presente wat elke leier gebring het, was: ’n silwer skottel wat 130 sikkels geweeg het, ’n silwer bak wat 70 sikkels geweeg het, dit was tempel-sikkels, die skottel en die bak was altwee vol van die beste meel, hulle het dit met olyf-olie gemeng, dit was ’n koring-offer, ’n goue bakkie wat tien sikkels geweeg het en vol wierook was, ’n bul, ’n skaap-ram en ’n lam wat een jaar oud was, dit was die brand-offer, ’n bok-ram, dit was die sonde-offer, en twee beeste, vyf skaap-ramme, vyf bok-ramme en vyf lammers wat een jaar oud was, dit was die ete-offer. Dit was die presente van elke leier.

84Die leiers van die Israeliete het die presente gegee om die altaar te wy nadat Moses die altaar gesalf het. Die presente was almal saam twaalf silwer skottels, twaalf silwer bakke en twaalf goue bakkies.

85Elke skottel het 130 sikkels geweeg en elke silwer bak 70 sikkels. Al die silwergoed saam het 2 400 sikkels geweeg, dit was tempel-sikkels.

86Die twaalf goue bakkies wat vol wierook was, het elkeen 10 sikkels geweeg, dit was tempel-sikkels. Al die goue bakkies saam het 120 sikkels geweeg.

87Die leiers het ook diere gegee, dit was die brand-offer. Die diere was almal saam twaalf bulle, twaalf skaap-ramme en twaalf jaaroud lammers. Hulle het die diere gegee saam met die koring-offers. Daar was ook twaalf bok-ramme, dit was die sonde-offer.

88Die diere wat die leiers vir die ete-offer gegee het, was almal saam 24 bulle, 60 skaap-ramme, 60 bok-ramme en 60 jaaroud lammers. Dit was die offers om die altaar te wy nadat Moses die altaar gesalf het.

Moses het gehoor die Here praat met hom

89Wanneer Moses met die Here wou praat, dan het hy ingegaan in die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het en het hy gehoor die Here praat met hom van

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

bokant die deksel wat op die kis was waarin die tien gebooie is. Die Here het met hom gepraat van tussen die twee gerubs.

Numeri 8

Die sewe lampe

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Jy moet met Aäron praat en vir hom sê wanneer hy die lampe op die lampstaander sit, dan moet die sewe lampe vorentoe skyn."

3Aäron het dit gedoen. Hy het die sewe lampe teen die voorkant van die lampstaander gesit soos die Here vir Moses gesê het.

4Hulle het die lampstaander gemaak van goud wat hulle met 'n hamer geslaan het. Die steel en die blomknoppe van die lampe was van goud. Moses het die lampstaander laat maak soos die Here vir hom gewys het.

Die Leviete

5Die Here het vir Moses gesê:

6"Jy moet die Leviete wat tussen die Israeliete is, wegneem en jy moet hulle reinig.

7Dit is hoe jy hulle moet reinig: Jy moet reinigingswater oor hulle spat, en hulle moet al die hare op hulle hele liggaam afskeer en hulle klere was en hulleself reinig.

8Dan moet hulle 'n jong bul neem saam met die koring-offer van die beste meel wat hulle met olyf-olie meng, en jy moet nog 'n jong bul neem om 'n sonde-offer te wees.

9Jy moet die Leviete laat nader kom voor die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn, en jy moet die hele volksvergadering van die Israeliete laat bymekaarkom.

10Wanneer jy die Leviete laat nader kom voor My, dan moet die Israeliete hulle hande op die Leviete sit,

11en Aäron moet die Leviete heen en weer laat beweeg voor My om 'n beweeg-offer te wees, sodat hulle die werk vir My kan doen.

12Die Leviete moet dan hulle hande sit op die koppe van die bulle, en Aäron moet die bulle vir My offer, die een bul is 'n sonde-offer en die ander bul is 'n brand-offer. Hierdie offers is om versoening te doen vir die Leviete.

13Jy moet vir die Leviete sê hulle moet vir Aäron en sy seuns werk, en jy moet hulle heen en weer laat beweeg om 'n beweeg-offer vir My te wees.

14So moet jy die Leviete wegneem van die ander Israeliete, die Leviete moet aan My behoort.

© Bible Society of South Africa.

15Wanneer jy die Leviete gereinig het en hulle heen en weer laat beweeg het om ’n beweeg-offer te wees, dan mag hulle gaan werk in die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn,

16want die Leviete behoort aan My, die Israeliete het hulle vir My gegee in die plek van al die eerste seuns van die Israeliete. Ek het die Leviete vir My geneem.

17Al die eerste seuns en eerste kalwers en lammers en vulletjies van die Israeliete is Myne. Ek het hulle aan My gewy toe Ek die eerste seuns en die eerste kalwers en lammers en vulletjies van die Egiptenaars laat sterf het.

18Maar Ek het die Leviete geneem in die plek van al die eerste seuns van die Israeliete,

19en Ek het die Leviete weggeneem van die Israeliete. Ek het hulle vir Aäron en sy seuns gegee om te werk in die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn. Ek het die Leviete gegee om versoening te doen vir die Israeliete, want as die Israeliete self te naby aan die tempel-tent kom, dan sal hulle sterf.”

20Moses en Aäron en die hele volksvergadering van die Israeliete het toe met die Leviete alles gedoen wat die Here vir Moses gesê het.

21Die Leviete het hulleself gereinig en hulle klere gewas, en Aäron het hulle heen en weer laat beweeg om ’n beweeg-offer vir die Here te wees. Aäron het vir die Leviete versoening gedoen om hulle te reinig.

22Daarna het die Leviete gekom om vir Aäron en sy seuns te werk in die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hulle het met die Leviete gedoen wat die Here vir Moses gesê het.

23Die Here het vir Moses gesê:

24“Daar is ’n wet, en al die Leviete moet gehoorsaam wees aan die wet. Die wet sê dat elkeen wat 25 jaar oud of ouer is, die werk moet kom doen in die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn,

25maar almal wat 50 jaar oud of ouer is, moenie meer werk nie.

26Hulle mag nog die ander Leviete help om die werk te doen, maar hulle moenie self die werk doen nie. Dit is wat jy vir die Leviete moet sê hoe hulle die werk moet doen.”

Numeri 9

Die Paasfees by Sinai-berg

1Die Here het met Moses gepraat in die Sinai-woestyn, in die eerste maand van die tweede jaar nadat die Israeliete uit die land Egipte gekom het. Die Here het gesê:

© Bible Society of South Africa.

2“Die Israeliete moet die Paasfees vier op die regte tyd.

3Julle moet die fees vier op die veertiende dag van hierdie maand, wanneer dit begin donker word. Julle moet die fees vier soos Ek vir julle gesê het en soos Ek besluit het.”

4Moses het vir die Israeliete gesê hulle moet die Paasfees vier,

5en hulle het die fees in die Sinai-woestyn gevier in die eerste maand, op die veertiende dag, toe dit begin donker word. Hulle het dit gedoen soos die Here vir Moses gesê het.

6Maar daar was mans wat onrein was omdat hulle aan ’n lyk geraak het. Hulle kon nie die Paasfees op daardie dag vier nie en hulle het dieselfde dag na Moses en Aäron toe gekom

7en vir Moses gesê: “Ons is onrein omdat ons aan ’n lyk geraak het, maar hoekom kan ons nie op die regte tyd saam met die ander Israeliete vir die Here ’n offer bring nie?”

8Moses het vir hulle gesê: “Bly staan hier, dan sal ek hoor wat sê die Here oor julle.”

9Die Here het vir Moses gesê:

10“Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer een van julle of van julle nageslag onrein geword het omdat hy aan ’n lyk geraak het of omdat hy weggegaan het na ver plekke, dan moet hy die Paasfees vir My vier

11in die tweede maand, op die veertiende dag, wanneer dit begin donker word. Hulle moet die paaslam eet saam met ongesuurde brood en bitter kruie.

12Hulle moet niks daarvan laat oorbly tot die volgende dag nie en hulle moenie die bene van die lam breek nie. Hulle moet die fees vier soos Ek vir hulle gesê het.

13Maar wanneer iemand rein is en hy is nie ver weg van sy huis nie, en hy vier nie die Paasfees nie, dan moet julle hom afsny van my volk. Hy het nie die offer vir My gegee op die regte tyd nie, en hy moet die straf kry vir sy sonde.

14Wanneer ’n vreemdeling by julle woon en hy vier die Paasfees vir My, dan moet Hy dit doen soos Ek gesê het en soos Ek besluit het. Hy moet dit so doen, want die Israeliete en ook die vreemdelinge moet doen wat Ek sê.”

Die wolk oor die tempel-tent

15Toe Moses die tempel-tent opgeslaan het, het ’n wolk die tempel-tent toegemaak, die tent waarin die tien gebooie was. Die wolk was van die aand tot die oggend oor die tempel-tent, dit het gelyk soos vuur.

16Dit was altyd so, die wolk het die tempel-tent toegemaak en in die nag het dit gelyk soos vuur.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Elke maal wanneer die wolk opgegaan het van die tent, dan het die Israeliete verder gegaan. En wanneer die wolk op een plek gaan staan het, dan het die Israeliete hulle tente daar opgeslaan.

18Die Here het gesê wanneer die Israeliete verder moet gaan en die Here het gesê wanneer hulle die tente moet opslaan. Hulle het in die kamp gebly terwyl die wolk oor die tempel-tent gebly het.

19Wanneer die wolk ’n lang tyd oor die tempel-tent gebly het, dan het die Israeliete die Here daar gedien en hulle het nie verder gegaan nie.

20Wanneer die wolk net ’n paar dae oor die tempel-tent gebly het, dan het die Israeliete in die kamp gebly. Hulle het in die kamp gebly wanneer die Here sê hulle moet bly, en hulle het verder gegaan wanneer die Here sê hulle moet gaan.

21Wanneer die wolk van die aand tot die oggend daar gebly het en dan in die oggend opgegaan het, dan het die Israeliete verder gegaan, dit maak nie saak of dit in die dag of in die nag was nie. Wanneer die wolk opgaan, dan het hulle verder gegaan.

22Wanneer die wolk twee dae lank of ’n maand lank of baie lank oor die tempel-tent gebly het, dan het hulle daar gebly, en wanneer die wolk opgaan, dan het hulle verder gegaan.

23Hulle het in die kamp gebly wanneer die Here sê hulle moet, en hulle het verder gegaan wanneer die Here sê hulle moet gaan. Hulle het die Here gedien soos die Here vir Moses gesê het.

Numeri 10

Die silwer trompette

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet twee silwer trompette maak, jy moet hulle maak van silwer wat jy met die hamer slaan. Jy moet hulle gebruik om die volksvergadering te roep om bymekaar te kom en om die Israeliete verder te laat gaan.

3Wanneer iemand altwee die trompette blaas, dan moet die hele volksvergadering by jou bymekaarkom voor die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn.

4Wanneer iemand net een trompet blaas, dan moet die leiers by jou bymekaarkom, hulle is die stamhoofde van Israel.

5Wanneer julle die trompette hard blaas, dan moet die Israeliete in die kampe oos van die tempel-tent begin om verder te gaan.

6Wanneer julle ’n tweede maal hard blaas, dan moet die mense in die kampe suid van die tempel-tent begin om verder te gaan. Julle moet hard op die trompette blaas wanneer hulle verder moet gaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Julle moet die trompette blaas om die volksvergadering te roep om bymekaar te kom, maar julle moenie hard blaas nie.

8Die seuns van Aäron, die priesters, moet die trompette blaas. Julle en julle nageslag moet dit altyd so doen.

9Wanneer daar in julle land oorlog kom teen vyande wat vir julle verdruk, dan moet julle hard op die trompette blaas. Julle God die Here sal dan aan julle dink en Hy sal julle red van julle vyande.

10Wanneer julle wil feesvier op julle feesdae en op die eerste dag van die maand, dan moet julle die trompette blaas by julle brand-offers en julle ete-offers. Julle God sal dan aan julle dink. Ek is julle God die Here."

Die Israeliete gaan uit die Sinai-woestyn

11Die wolk het opgegaan van bo die tent waarin die tien gebooie was. Dit was op die twintigste dag van die tweede maand in die tweede jaar.

12Die Israeliete het toe uit die Sinai-woestyn gegaan en hulle het verder gegaan totdat die wolk gestop het in die Paran-woestyn.

13Hulle het weer verder begin gaan toe die Here vir Moses gesê het hulle moet gaan.

14Iemand het voor geloop en hy het die vlag van die Juda-kamp gedra, en daarna het die groepe wat in die kamp was, gegaan. Nagson seun van Amminadab was die hoof van die Juda-groep.

15Netanel seun van Suar was die hoof van die Issaskar-groep.

16Eliab seun van Gelon was die hoof van die Sebulon-groep.

17Hulle het die tempel-tent afgeslaan, en die Gerson-familie en die Merari-familie het die tent gedra en ook gegaan.

18Daarna het iemand die vlag van die Ruben-kamp gedra, en daarna het die groepe wat in die kamp was, gegaan. Elisur seun van Sedeür was die hoof van die Ruben-groep.

19Selumiël seun van Suri-Saddai was die hoof van die Simeon-groep.

20Eljasaf seun van Deüel was die hoof van die Gad-groep.

21Daarna het die Kehat-familie gegaan en hulle het die gewyde dinge gedra. Die priesters het die tempel-tent op die nuwe kampplek opgeslaan voordat die Kehat-familie daar aangekom het.

22Daarna het iemand die vlag van die Efraim-kamp gedra, en daarna het die groepe wat in die kampe was, gegaan. Elisama seun van Ammihud was die hoof van die Efraim-groep.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Gamliël seun van Pedasur was die hoof van die Manasse-groep.

24Abidan seun van Gidoni was die hoof van die Benjamin-groep.

25Die laaste vlag was altyd die vlag van die Dan-kamp. Iemand het dit gedra, en daarna het die groepe wat in die kampe was, gegaan. Agiëser seun van Ammi-Saddai was die hoof van die Dan-groep.

26Pagiël seun van Okran was die hoof van die Aser-groep.

27Agira seun van Enan was die hoof van die Naftali-groep.

28Dit is hoe die Israeliete in groepe gegaan het toe hulle verder gegaan het.

Moses vra vir Gobab om saam te gaan

29Moses het vir Gobab, seun van Moses se skoonpa Reüel van die land Midian, gesê: “Ons gaan nou na die land wat die Here belowe het om vir ons te gee. Jy moet saam met ons kom. Ons sal goed wees vir jou, want die Here het gesê dit sal goed gaan met ons.”

30Gobab het vir Moses gesê: “Nee, ek wil teruggaan na my land en my familie, ek wil nie saam met julle gaan nie.”

31Toe sê Moses: “Asseblief, jy moenie weggaan van ons nie. Jy weet waar ons in die woestyn ons tente kan opslaan en jy moet ons lei.

32As jy saam met ons gaan, dan sal ons vir jou ook van die goeie dinge gee wat die Here vir ons sal gee.”

Die verbondskis gaan voor die Israeliete

33Die Israeliete het weggegaan van die berg van die Here. Hulle het drie dae lank elke dag verder gegaan. Die verbondskis van die Here het drie dae voor hulle gegaan om ’n plek te kry waar hulle kon bly.

34Wanneer die Israeliete uit die kamp gegaan het, dan was die wolk van die Here in die dag oor hulle.

35Wanneer die kis weggegaan het, dan het Moses gesê: “Here, U moet opstaan, u vyande moet weghardloop na al die kante toe, die mense wat nie lief is vir U nie, moet wegvlug.”

36En wanneer die kis op een plek gebly het, dan het Moses gesê: “Here van die tienduisende Israeliete, U moet terugkom.”

Numeri 11

Die Brandplek

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Eendag het die Israeliete gekla dat dit sleg gaan met hulle, en die Here het gehoor
dat hulle kla. Hy het kwaad geword en Hy het vuur tussen hulle laat brand. Die
buitenste deel van die kamp het verbrand.

2Die volk het gevra dat Moses hulle moet help, en Moses het tot die Here gebid, en
die vuur het doodgegaan.

3Hulle het daardie plek “Die Brandplek” genoem, omdat die Here daar ’n vuur tussen
hulle laat brand het.

Die volk kla oor kos

4Eendag het ’n paar slegte mense wat tussen die Israeliete was, baie lus geword vir
vleis. Die Israeliete het ook gehuil en gevra: “Wie sal vir ons vleis gee om te eet?

5Ons dink aan die vis wat ons in Egipte kon eet, ons het nie daarvoor betaal nie. En
ons dink aan die komkommers, die spanspekke, die preie, die uie en die knoffel.

6Maar nou moet ons droë kos eet. Ons sien net manna, niks ander kos nie.”

7Die manna was soos koljander-saad en dit het geblink soos ’n boom se gom.

8Die mense het gegaan en hulle het die manna bymekaargemaak. Hulle het dit
gemaal op maalklippe of dit fyngestamp in stampblokke, en dan het hulle dit gekook
en koekies daarvan gemaak. Die koekies het gesmaak soos olyfolie-koekies.

9Wanneer die dou in die nag in die kamp geval het, dan het die manna saam met die
dou geval.

Moses kla by die Here

10Moses het gehoor dat die mense huil, elke familie by die ingang van sy tent. Die
Here was baie kwaad, en Moses was bang en ontsteld daaroor.

11Moses het vir die Here gevra: “Hoekom laat U my swaarkry? Ek is u dienaar.
Hoekom is U onvriendelik met my? U het gesê ek moet hierdie hele volk dra, en dit is
’n swaar vrag om te dra.

12Ek is nie hulle ma nie, maar U sê vir my ek moet hulle soos ’n kinder-oppasser teen
my bors dra na die land wat U aan hulle voorvaders belowe het.

13Waar moet ek vleis kry vir al hierdie mense? Want hulle huil by my en hulle sê ek
moet vir hulle vleis gee om te eet.

14Ek kan nie hierdie hele volk alleen dra nie, dit is te swaar vir my.

15As U my so swaar wil laat kry, dan sal dit beter wees as U my doodmaak, dit sal
beter wees vir my. U moenie my so swaar laat kry nie.”

Die 70 leiers

© Bible Society of South Africa.

16Die Here het toe vir Moses gesê: “Jy moet vir My 70 van Israel se leiers laat bymekaarkom. Jy weet wie is goeie leiers en voormanne. Jy moet hulle neem na die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn, en jy moet hulle daar by jou laat staan.

17Ek sal afkom en daar met jou praat en Ek sal van die gees wat in jou is, neem en dit in hulle laat kom. Dan kan hulle saam met jou die volk dra en dan moet jy dit nie alleen doen nie.

18En jy moet vir die volk sê: Julle moet julleself wy vir môre, want môre sal julle vleis eet. Die Here het gehoor dat julle gehuil en gekla het. Julle het gesê: ‘Wie sal hier vir ons vleis gee om te eet? Dit was vir ons beter in Egipte.’ Die Here sal môre vir julle vleis gee en julle sal dit eet.

19Julle sal nie een dag lank eet nie, nie twee dae nie, nie vyf dae nie, nie tien dae nie, nie 20 dae lank nie,

20nee, julle sal ’n hele maand lank eet, totdat die vleis by julle neuse uitkom en julle naar word daarvan. Want julle het gewys dat die Here nie vir julle belangrik is nie, die Here wat tussen julle is. Hy het gehoor dat julle huil en vra: ‘Hoekom het ons weggegaan uit Egipte?’ ”

21Toe sê Moses vir die Here: “Daar is 600 000 manne hier by my wat oorlog kan maak, en U sê U sal vir hulle vleis gee en hulle sal ’n maand lank eet.

22Is daar genoeg skape en beeste en bokke om vir hulle te slag? Sal al die vis in die see genoeg wees as ons dit kry en dit vir hulle bymekaarmaak?”

23Die Here het vir Moses gesê: “Dink jy dat Ek dit nie kan doen nie? Jy sal nou sien of dit wat Ek gesê het, sal gebeur of nie.”

24Moses het uitgegaan en hy het vir die volk gesê wat die Here gesê het. Toe het hy 70 van die leiers van Israel laat bymekaarkom en hy het gesê hulle moet rondom die tent staan.

25Daarna het die Here in ’n wolk afgekom en Hy het met Moses gepraat. Die Here het van die gees geneem wat in Moses was, en Hy het dit in die 70 leiers gesit. En toe die gees in die 70 manne kom, het hulle soos profete gepraat. Maar hulle het dit net daardie een maal gedoen.

26Twee manne, Eldad en Medad, het nie uitgegaan na die tent nie, hulle het in die kamp gebly. Hulle name was ook by die name van die 70 leiers. Toe die gees in hulle kom, het hulle daar in die kamp soos profete begin praat.

27’n Jongman het gehardloop en hy het vir Moses gaan sê dat Eldad en Medad besig is om in die kamp soos profete te praat.

28Josua seun van Nun het vir Moses gewerk vandat hy klein was. Hy het gesê: “Meneer Moses, jy moet hulle stop.”

© Bible Society of South Africa.

29Maar Moses het gesê: “Is jy bekommerd oor my? Ek wens die Here gee vir sy hele volk van sy Gees, sodat hulle almal profete kan wees.”

30Moses en die leiers van Israel het toe teruggegaan na die kamp.

Die Here gee vir die volk vleis om te eet

31Die Here het toe ’n wind gestuur, en die wind het van die see af kwartels gebring en by die kamp laat val. Die kwartels het omtrent twee el diep op die grond gelê, omtrent so ver soos ’n mens in een dag kan loop langs al die kante van die kamp.

32Die mense het begin en hulle het daardie hele dag en die hele nag en die hele dag daarna kwartels bymekaargemaak. Die minste wat een persoon bymekaargemaak het, was tien gomer. Hulle het die kwartels rondom die kamp gegooi om droog te word.

33Die mense het begin eet, maar hulle het nog nie die vleis in hulle monde begin kou nie, toe laat die Here baie van hulle sterf, want Hy was kwaad vir hulle.

34Hulle het die mense daar begrawe, die mense wat so lus was vir vleis, en hulle het die plek genoem “Lus-grafte.”

35Die volk het van Lus-grafte verder gegaan, en hulle het gekom by die stad Gaserot.

Numeri 12

Mirjam en Aäron is opstandig teen Moses

1Moses het getrou met ’n vrou wat van die land Kus gekom het. Mirjam en Aäron was ontevrede en het daaroor met Moses gepraat.

2Hulle het gesê: “Die Here het nie net met Moses gepraat nie, Hy het ook met ons gepraat.” Die Here het gehoor wat hulle sê.

3Moses was ’n baie nederige man, meer nederig as al die ander mense op die aarde.

4Maar die Here het toe dadelik vir Moses en Aäron en Mirjam gesê: “Julle drie moet na die tent gaan waar Ek aan die Israeliete verskyn.” Hulle het dit gedoen,

5en die Here het afgekom in ’n wolk-pilaar en Hy het by die ingang van die tent gaan staan. Toe roep Hy vir Aäron en Mirjam, en hulle het vorentoe gekom.

6Die Here sê toe: “Luister goed na wat Ek sê. Wanneer Ek, die Here, vir julle ’n profeet stuur, dan sal Ek vir hom wys wie Ek is, Ek sal met hom praat terwyl hy droom.

7Maar my dienaar Moses is nie so ’n profeet nie, hy is die persoon wat Ek gekies en aangestel het oor almal wat aan My behoort.

© Bible Society of South Africa.

8Ek kom na hom toe en Ek praat met hom, Ek sê vir hom reguit wat Ek wil sê. Hy kan
My sien wanneer Ek na hom toe kom. Hoekom praat julle so teen my dienaar
Moses? Julle mag nie so met hom praat nie."

9Die Here was kwaad vir Aäron en Mirjam en Hy het weggegaan.

10Maar toe die wolk weggaan van die tent, was Mirjam melaats, haar vel was wit
soos sneeu. Toe Aäron na haar toe draai, het hy gesien dat sy melaats is.

11Aäron het vir Moses gesê: "Asseblief, Meneer, jy moenie vir ons straf oor die sonde
wat ons gedoen het nie, ons was dwaas.

12Asseblief, moenie dat Mirjam word soos 'n kind wat doodgebore is nie, soos 'n kind
wat net 'n halwe liggaam het nie."

13Moses bid toe tot die Here, en hy vra: "O God, maak haar asseblief gesond."

14Die Here het vir Moses gesê: "As haar pa in haar gesig gespoeg het, dan sou sy
sewe dae lank daaraan moes dink dat hy haar verneder het. Sy moet sewe dae lank
buite die kamp bly, dan kan sy terugkom."

15Hulle het toe vir Mirjam sewe dae lank buite die kamp laat bly. Die volk het nie
daar weggegaan voordat sy teruggekom het nie.

16Daarna het die volk weggegaan van die stad Gaserot en hulle het hulle tente
opgeslaan in die Paran-woestyn.

Numeri 13

Die Israeliete stuur mense om te kyk hoe die land Kanaän lyk

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Jy moet mense stuur om te kyk hoe die land Kanaän lyk, die land wat Ek vir die
Israeliete gee. Julle moet een persoon uit elke stam stuur, een van die stam se
leiers."

3Moses het toe mense uit die Paran-woestyn gestuur. Hulle was almal leiers van die
Israeliete.

4Hier is hulle name: Vir die Ruben-stam het Sammua seun van Sakkur gegaan,

5vir Simeon: Safat seun van Gori,

6vir Juda: Kaleb seun van Jefunne,

7vir Issaskar: Jigal seun van Josef,

8vir Efraim: Hosea seun van Nun,

9vir Benjamin: Palti seun van Rafu,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10vir Sebulon: Gaddiël seun van Sodi,

11vir Manasse van die Josef-stam: Gaddi seun van Susi,

12vir Dan: Ammiël seun van Gemalli,

13vir Aser: Setur seun van Mikael,

14vir Naftali: Nagbi seun van Wofsi,

15vir Gad: Geüel seun van Maki.

16Dit is die name van die mense wat Moses gestuur het om te gaan kyk hoe die land lyk. Moses het vir Hosea seun van Nun die naam Josua gegee.

17Toe Moses hulle gestuur het om te gaan kyk hoe die land lyk, het hy vir hulle gesê: “Julle moet van hier deur die Suid-land na die berge gaan.

18Julle moet kyk hoe die land is en of die mense wat in die land woon, sterk of swak is, of hulle min of baie is.

19Julle moet kyk of dit ’n goeie of ’n slegte land is waarin hulle woon, en of hulle woon in kampe of in stede wat sterk mure het.

20Julle moet kyk of die grond vrugbaar is of nie, en julle moet kyk of daar bome is of nie. Julle moenie bang wees nie, julle moet van die vrugte in die land saambring wanneer julle terugkom.” Dit was die tyd wanneer die druiwe begin ryp word.

21Die manne het gegaan en hulle het gekyk hoe die land lyk, van die Sin-woestyn tot by die stad Regob naby die stad Lebo-Hamat.

22Toe hulle deur die Suid-land gaan en by die stad Hebron kom, het hulle die Enak-mense Agiman, Sesai en Talmai daar gekry. Mense het die stad Hebron gebou sewe jaar voordat hulle die stad Soan in Egipte gebou het.

23Toe die manne by ’n vallei kom waar daar druiwe is, het hulle ’n tak afgesny. Daar was ’n tros druiwe aan die tak, en twee van die manne het die druiwe vasgemaak aan ’n paal en hulle het dit op hulle skouers gedra. Hulle het ook granate en vye saamgebring.

24Hulle het daardie plek “Druiwe-vallei” genoem omdat die Israeliete die tros druiwe daar afgesny het.

Die manne kom sê wat hulle gesien het

25Die manne het ná 40 dae teruggekom nadat hulle na alles in die land gekyk het.

26Hulle het by Moses en Aäron en die hele volksvergadering van Israel by die stad Kades in die Paran-woestyn gekom. Die manne het vir hulle vertel wat hulle gesien het en het vir hulle gewys hoe lyk die vrugte in die land.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Hulle het vir Moses gesê: “Ons het na die land gegaan waarnatoe jy ons gestuur het. Dit is ’n land waar daar baie melk en heuning is, hier is van die vrugte van die land.

28Maar daar is ’n probleem: Die mense wat in die land woon, is sterk en hulle woon in groot stede wat sterk mure het. Ons het ook Enak-mense daar gesien.

29In die Suid-land woon Amalekiete, in die berge woon Hetiete, Jebusiete en Amoriete, langs die see en langs die Jordaan-rivier woon Kanaäniete.”

30Kaleb het vir die volk gesê hulle moenie kla en teen Moses praat nie. Kaleb het gesê: “Ons moet gaan, ons moet die land gaan vat, ons kan dit doen, dit is seker.”

31Maar die manne wat saam met Kaleb gegaan het, het gesê: “Nee, ons kan nie teen daardie mense oorlog maak nie, hulle is te sterk vir ons.”

32Die manne het toe vir die Israeliete verkeerde stories begin vertel oor die land waarna hulle gaan kyk het. Hulle het gesê: “Ons het deur die land gegaan om na alles te kyk. Dit is ’n land wat die mense sal laat sterf wat in hom woon. En al die mense wat ons daar gesien het, is baie groot.

33Ons het ook reuse daar gesien. Ons het soos sprinkane gevoel voor hulle, hulle het miskien gedink ons lyk so klein soos sprinkane.” Die reuse is die voorvaders van die Enak-mense.

Numeri 14

Die Israeliete is opstandig

1Die hele volksvergadering het hard geskree, en die mense het daardie hele nag gehuil.

2Al die Israeliete het vir Moses en Aäron beskuldig. Die hele vergadering het vir hulle gesê: “Ons wens ons het in Egipte gesterf of hier in die woestyn, ons wens ons was dood.

3Hoekom bring die Here ons na hierdie land om in oorlog te sterf? Die vyande sal ons vroue en kinders vir hulleself vat. Dit sal vir ons beter wees as ons teruggaan na Egipte.”

4Hulle het vir mekaar gesê: “Kom ons kies ’n leier en gaan terug na Egipte.”

5Moses en Aäron het daar voor die volksvergadering, voor die vergadering van die Israeliete, gaan lê met hulle gesigte teen die grond.

6Josua seun van Nun en Kaleb seun van Jefunne was twee van die manne wat gaan kyk het hoe die land lyk. Hulle het hulle klere geskeur

7en hulle het vir die hele vergadering van die Israeliete gesê: “Ons het deur die land gegaan en ons het na die land gaan kyk. Dit is ’n baie goeie land, baie goed.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8As die Here goed is vir ons, dan sal Hy ons in hierdie land bring en Hy sal dit vir ons gee. Dit is ’n land waar daar baie melk en heuning is.

9Maar dan moet julle nie opstandig wees teen die Here nie en julle moenie bang wees vir die mense in die land nie. Ons sal hulle maklik oorwin. Niemand sal hulle kan beskerm nie. Die Here is by ons, julle moenie bang wees nie.”

10Die hele vergadering het toe gesê hulle gaan vir Josua en Kaleb doodgooi met klippe. Maar toe sien al die Israeliete dat die Here, die Koning, by die tent is waar Hy aan die Israeliete verskyn.

11Die Here sê toe vir Moses: “Hierdie volk hou aan om te maak of Ek nie vir hulle belangrik is nie. Ek het vir hulle baie tekens gewys. Hulle glo nie dat Ek hulle sal help nie. Hoe lank wil hulle aanhou om dit te doen?

12Ek sal hulle siek laat word van pes en Ek sal hulle almal laat sterf. Dan sal Ek jou nageslag ’n volk maak wat groter en sterker as hulle is.”

Moses vra dat die Here die volk moet vergewe

13Toe sê Moses vir die Here: “Die Egiptenaars sal dit hoor, want U het hierdie volk van hulle laat weggaan omdat U sterk is.

14Die Egiptenaars sal praat met die mense wat in hierdie land woon. Hulle het gehoor dat U, die Here, by hierdie volk is en dat U self aan hulle verskyn. Hulle het gehoor dat U hulle in die dag lei met ’n wolk bokant hulle en in die nag met vuur.

15As U nou die hele volk laat sterf, dan sal die volke wat van U gehoor het, sê:

16‘Die Here was nie sterk nie, Hy kon nie hierdie volk in die land bring wat Hy vir hulle belowe het nie, daarom het Hy hulle in die woestyn laat sterf.’

17Daarom, Here, U moet asseblief nou wys dat U sterk is. U het self gesê:

18‘Ek, die Here, is geduldig en vol liefde, Ek vergewe mense wanneer hulle sonde doen en opstandig is, maar Ek sê nie iemand is onskuldig wanneer hy skuldig is nie, Ek straf die nageslag oor die sondes van hulle voorvaders, Ek straf hulle tot in die derde en vierde geslag.’

19U is altyd vol liefde. U het hierdie volk se sondes vergewe van die tyd toe hulle weggegaan het uit Egipte tot nou toe. U vergewe hulle sondes tot in die derde en vierde geslag. Vergewe hulle asseblief nou ook.”

Die Here straf die volk

20Die Here het gesê: “Ek vergewe hulle soos jy gevra het,

21maar so seker soos Ek lewe, so seker soos Ek Koning is van die hele aarde,

22hierdie mense het gesien dat Ek die Koning is, hulle het die tekens gesien wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, maar hulle het My tien maal getoets en hulle het nie na My geluister nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Daarom sal nie een van hulle die land sien wat Ek aan hulle voorvaders belowe het nie. Nie een van die mense wat gewys het dat Ek nie vir hulle belangrik is nie, sal die land sien nie.

24Maar my dienaar Kaleb was anders, hy het aangehou om in My te glo. Ek sal hom na die land bring waarnatoe hy gegaan het, en die land sal aan sy nageslag behoort.

25Die Amalekiete en die Kanaäniete woon in die lae deel van die land. Julle moet môre wegdraai en verder in die woestyn ingaan op die pad na die Riet-see."

26Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

27"Hierdie slegte volk hou aan om My te beskuldig. Ek het gehoor dat die Israeliete My beskuldig,

28en julle moet vir hulle sê: So seker soos Ek lewe, Ek het gehoor wat julle gewens het, en dit is wat Ek sal laat gebeur:

29Julle dooie liggame sal in hierdie woestyn lê, almal wie se name in die boek geskryf is, almal wat ouer as 20 jaar is en wat My beskuldig het.

30Ek het belowe dat julle in daardie land sal woon, maar julle sal nie daar kom nie, net Kaleb seun van Jefunne en Josua seun van Nun sal daar kom.

31En julle kinders? Julle het gesê dat die vyande hulle sal vat. Maar Ek sal húlle daar bring, húlle sal die land ken wat vir júlle nie belangrik was nie.

32Maar julle, julle dooie liggame sal in hierdie woestyn lê,

33en julle kinders sal 40 jaar lank skape en bokke moet oppas in die woestyn. Julle was ontrou, en daarom sal hulle swaarkry, totdat al julle dooie liggame in die woestyn lê.

34Julle het manne gestuur om 40 dae lank te kyk hoe die land lyk, en Ek sal julle 'n jaar lank straf vir elke dag. Julle sal 40 jaar lank die straf moet dra vir julle sonde, julle sal weet dat Ek kwaad is vir julle.

35Ek, die Here, het gepraat. Ek sal dit doen aan hierdie slegte volk wat in hierdie woestyn opstandig was teen My. Hulle sal almal hier sterf."

36Moses het manne gestuur om te gaan kyk na die land. Die manne het teruggekom en hulle het vals stories oor die land vertel. Hulle het die hele volksvergadering opstandig gemaak teen Moses en hulle het vir Moses beskuldig.

37Daardie manne wat die vals stories vertel het, het almal gesterf van die pes wat die Here gestuur het.

38Josua seun van Nun en Kaleb seun van Jefunne het saam met die manne na die land gaan kyk, maar hulle het nie gesterf nie, hulle het aangehou lewe.

Die Amalekiete en die Kanaäniete oorwin die Israeliete

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

39Toe Moses vir die Israeliete alles sê wat die Here gesê het, het die volk gehuil en getreur.

40Hulle het die oggend vroeg opgestaan en hulle wou opgaan in die berge. Hulle het gesê: “Hier is ons, ons het sonde gedoen, maar ons wil nou na die plek gaan wat die Here vir ons belowe het.”

41Moses het vir hulle gesê: “Hoekom hou julle aan om ongehoorsaam te wees aan die Here? Julle sal nie slaag nie.

42Julle moenie gaan nie, want die Here is nie by julle nie. As julle in die land ingaan, dan sal die vyande julle oorwin.

43Die Amalekiete en die Kanaäniete is daar voor julle, julle sal sterf in die oorlog omdat julle weggegaan het van die Here, Hy sal nie by julle wees nie.”

44Maar die Israeliete was hardkoppig, hulle het opgegaan na die berge, en die verbondskis van die Here het in die kamp gebly. Moses het ook daar gebly.

45Die Amalekiete en die Kanaäniete wat in daardie berge gewoon het, het afgekom en hulle het die Israeliete oorwin. Hulle het die Israeliete na al die kante toe gejaag tot by die stad Gorma.

Numeri 15

Koring-offers en drank-offers

1Die Here het vir Moses gesê:

2“Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer julle in die land kom wat Ek vir julle gee om in te woon,

3en een van julle wil vir My ’n vuur-offer gee wat vir My lekker ruik, ’n bees of ’n bok of ’n skaap om ’n brand-offer te wees, of ’n gelofte-offer, of ’n offer wat hy graag wil bring, of ’n offer op een van julle feeste,

4dan moet hy saam met sy offer ook ’n koring-offer gee. Die koring-offer moet ’n tiende wees van ’n efa van die beste meel wat julle meng met ’n kwart hin olyf-olie.

5Saam met elke skaap-lam wat ’n brand-offer of ’n ander offer is, moet jy ook ’n kwart hin wyn gee om ’n drank-offer te wees.

6Of wanneer iemand ’n skaap-ram offer, dan moet hy ook ’n koring-offer gee van twee tiendes van ’n efa van die beste meel wat hy meng met ’n derde hin olyf-olie,

7en hy moet ’n derde hin wyn gee om ’n drank-offer te wees. Dit moet ’n offer wees wat lekker ruik vir My.

8En wanneer iemand ’n bul gee om ’n brand-offer te wees, of ’n gelofte-offer, of ’n ete-offer vir My,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9dan moet hy saam met die bul ook ’n koring-offer gee van drie tiendes van ’n efa
van die beste meel wat hy meng met ’n halwe hin olyf-olie

10en hy moet ook ’n halwe hin wyn gee om ’n drank-offer te wees. Dit moet ’n vuur-
offer wees wat lekker ruik vir My.

11Julle moet dit doen saam met elke bul of skaap-ram, elke skaap-lam of bok-lam
wat julle offer.

12Julle moet dit doen saam met elke dier wat julle offer.

13Elke Israeliet moet dit doen wanneer hy vir My ’n vuur-offer gee wat lekker moet
ruik vir My.

14En wanneer daar by julle of julle nageslag vreemdelinge of ander mense woon, en
een van hulle wil vir My ’n vuur-offer gee wat lekker ruik vir My, dan moet hy doen
soos julle doen.

15Die volksvergadering moet altyd dieselfde wet gebruik vir julle en vir die
vreemdelinge wat by julle of julle nageslag woon, julle en die vreemdelinge is
dieselfde vir My.

16Julle en die vreemdelinge wat by julle woon, moet almal doen wat Ek wil hê en wat
Ek besluit.”

Die offer van die eerste deeg

17Die Here het vir Moses gesê:

18“Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer julle in die land kom waarnatoe Ek julle
bring,

19en julle eet van die kos wat die land vir julle gee, dan moet julle vir My ’n deel van
die kos gee.

20Julle moet vir My ’n rondebrood gee van die eerste deeg wat julle knie. Julle moet
dit gee om ’n offer van die dorsvloer te wees.

21Julle en julle nageslag moet altyd vir My ’n offer gee van die eerste deeg wat julle
knie.”

Die sonde-offer wanneer mense foute maak

22Die Here het ook vir Moses gesê: “Wat moet julle doen wanneer julle ’n fout maak
en julle doen nie alles wat Ek vir Moses gesê het nie?

23Ek het vir Moses gesê om alles vir julle te sê, en dit bly waar van die dag toe Ek dit
gesê het tot die tyd van julle nageslag.

24Wanneer julle ’n fout gemaak het, maar die volksvergadering het nie geweet dat
dit ’n fout is nie, dan moet die hele vergadering ’n bul gee om ’n brand-offer te wees
wat vir My lekker ruik. Hulle moet dit gee saam met die koring-offer en die drank-

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

offer wat hulle saam met die brand-offer moet bring, en ook ’n bok-ram om ’n sonde-offer te wees.

25Die priester doen dan versoening vir die hele vergadering van die Israeliete, en Ek sal hulle vergewe, want dit was ’n fout, maar hulle het hulle offers gegee, die vuur-offer vir My, en ook die sonde-offer vir die fout wat hulle gemaak het.

26Ek sal die hele vergadering van die Israeliete vergewe en ook die vreemdelinge wat tussen hulle woon, want dit is al die mense van die volk wat die fout gemaak het.

27“Wanneer een persoon ’n fout maak, dan moet hy ’n jaaroud bok-ooi gee om ’n sonde-offer te wees.

28Die priester doen dan versoening vir die persoon wat die fout gemaak het. Die persoon het ’n fout gemaak en hy het sonde gedoen teen My, en die priester moet versoening doen vir hom, sodat Ek hom kan vergewe.

29Daar moet dieselfde wet wees vir Israeliete en vir die vreemdelinge wat by hulle woon, dit moet dieselfde wet wees vir al die mense wat foute maak.”

Wanneer iemand weet dat hy verkeerd doen, maar hy doen dit

30Die Here het ook gesê: “Maar wanneer ’n Israeliet of ’n vreemdeling ’n fout maak, en hy weet dat hy verkeerd doen, maar hy doen dit, dan wys hy dat Ek nie vir hom belangrik is nie, en dan moet julle hom afsny van die volk.

31Hy het gewys dat die dinge wat Ek sê, nie vir hom belangrik is nie, hy het nie gedoen wat Ek gesê het nie, en julle moet hom afsny, dit is sy eie skuld.”

Wanneer iemand die Sabbatdag ontwy

32Toe die Israeliete in die woestyn was, het hulle op die Sabbatdag iemand gekry wat hout bymekaarmaak.

33Die mense wat hom gekry het toe hy die hout bymekaargemaak het, het hom na Moses en Aäron en die hele volksvergadering gebring.

34Hulle het nie geweet wat hulle moet doen met hom nie, en hulle het hom by hulle gehou.

35Die Here het toe vir Moses gesê: “Die man moet sterf, dit is seker. Die hele volksvergadering moet hom buite die kamp doodgooi met klippe.”

36Die hele vergadering het hom uit die kamp geneem en hulle het hom doodgegooi met klippe. Hy het gesterf soos die Here vir Moses gesê het.

Die Israeliete moet tossels aan hulle klere dra

37Die Here het vir Moses gesê:

38“Jy moet vir die Israeliete sê dat hulle en hulle nageslag tossels aan die hoeke van hulle bo-klere moet sit, en hulle moet ’n blou toutjie vasmaak aan die tossels op elke hoek.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

39Julle moet die tossels hê, want wanneer julle die tossels sien, dan sal julle alles onthou wat Ek gesê het en julle sal dit doen. Dan sal julle nie doen wat julle self graag wil doen nie en julle sal nie ontrou word aan My nie.

40Julle sal alles onthou wat Ek vir julle gesê het en julle sal dit doen en julle sal gewy wees aan My, julle God.

41Ek is julle God die Here wat julle uit die land Egipte gebring het sodat Ek julle God kan wees. Ek is julle God die Here."

Numeri 16

Korag en sy groep is opstandig teen Moses

1-2Korag, Datan, Abiram en On het opstandig geword teen Moses. Korag was die seun van Jishar seun van Kehat seun van Levi, Datan en Abiram was die seuns van Eliab, en On was die seun van Pelet. Hulle was uit die nageslag van Ruben. Saam met hulle was daar 250 manne van Israel, manne wat leiers van die volk was. Die volksvergadering het hulle voorheen gekies, en almal het hulle geken.

3Hulle het bymekaargekom teen Moses en Aäron en vir hulle gesê: "Julle wil alles self doen. Almal in die volk is gewyd, en die Here is by hulle. Hoekom wil julle regeer oor die volk van die Here?"

4Toe Moses dit hoor, het hy gaan lê met sy gesig teen die grond.

5Hy sê toe vir Korag en al sy vriende: "Die Here sal môre wys wie aan Hom behoort en gewyd is. Hy sal wys vir wie Hy gekies het om vir Hom offers te bring.

6Korag, jy en al jou vriende, dit is wat julle moet doen: Julle moet panne neem,

7en julle moet kole in die panne sit. Dan moet julle wierook bo-op die kole sit en julle moet die panne na die altaar bring. Julle moet dit môre doen. Die Here sal self kies wie gewyd is. Leviete, julle moenie alles self wil doen nie."

8Moses het vir Korag en sy vriende gesê: "Leviete, luister na wat ek sê:

9Die God van Israel het vir julle uit die volk Israel geneem om naby Hom te kom. Julle moet die werk in die tempel-tent van die Here doen, julle moet dit doen vir die volk. Wat wil julle nog meer hê?

10Korag, die Here het jou en al die ander Leviete saam met jou naby Hom laat kom. Wil julle nou ook priesters wees?

11Julle moet dit weet, jy en al jou vriende is opstandig teen die Here self. Hoekom beskuldig julle nou vir Aäron?"

12Moses het toe vir Korag en vir Datan en Abiram, seuns van Eliab, laat roep, maar hulle het gesê: "Ons sal nie kom nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Jy het ons weggeneem uit ’n vrugbare land om ons in ’n woestyn te laat sterf. Is dit nie genoeg nie? Wil jy ons nog meer laat swaarkry?

14Jy het ons nie na ’n vrugbare land geneem en vir ons koringlande en wingerde gegee wat aan ons kan behoort nie. Wil jy aanhou om hierdie manne te bedrieg? Ons sal nie kom nie.”

15Moses het baie kwaad geword. Hy het vir die Here gesê: “U moenie die offers neem wat hulle vir U wil gee nie. Ek het niks van hulle gevat nie en ek het niks verkeerd gedoen aan hulle nie.”

16Toe sê Moses vir Korag: “Môre moet jy en al jou vriende voor die Here kom staan, jy en hulle en Aäron.

17Elkeen van julle moet ’n pan neem en wierook daarin sit en hy moet dit vir die Here bring. Elkeen moet sy eie pan hê, daar moet 250 panne wees, en jy en Aäron moet ook elkeen ’n pan hê.”

18Die volgende oggend het elkeen toe sy pan geneem, en kole daarin gesit en wierook bo-op. Hulle het by die ingang van die tent gaan staan waar die Here aan die Israeliete verskyn. Moses en Aäron het ook daar gestaan.

19Korag het die hele volksvergadering bymekaargeroep by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hy het die volksvergadering opstandig gemaak teen Moses en Aäron. Maar toe sien die hele volksvergadering die lig wat om die Here, die Koning is.

20En toe sê die Here vir Moses en Aäron:

21“Julle moet weggaan van hierdie volk, Ek wil hulle dadelik laat sterf.”

22Maar Moses en Aäron het gaan lê met hulle gesigte teen die grond en hulle het gesê: “O God, U gee vir almal die lewe. Net een persoon het sonde gedoen, hoekom is U nou kwaad vir die hele volk?”

23Die Here sê toe vir Moses:

24“Sê vir die volk hulle moet weggaan van Korag, Datan en Abiram se tente.”

25Moses het opgestaan en hy het na Datan en Abiram toe gegaan, en die leiers van Israel het saam met hom gegaan.

26Moses het vir die volk gesê: “Asseblief, gaan weg van die tente van hierdie slegte mense en moenie aan iets raak wat aan hulle behoort nie, sodat julle nie verdwyn omdat hulle sonde gedoen het nie.”

27Die volk het toe weggegaan van die tente van Korag, Datan en Abiram. Datan en Abiram het uitgekom en hulle het by die ingange van hulle tente gaan staan saam met hulle vroue en hulle kinders en hulle ander mense.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[28]Toe sê Moses: “Julle sal nou weet dat die Here my gestuur het om al hierdie dinge te doen, julle sal weet dat ek nie self besluit het om dit te doen nie.

[29]As hierdie mense sterf soos mense gewoonlik sterf, as dieselfde met hulle gebeur wat met al die mense gebeur, dan het die Here my nie gestuur nie.

[30]Maar as die Here iets anders laat gebeur, en as die aarde sy mond oopmaak en hy sluk hulle in saam met alles wat aan hulle behoort, en as hulle lewendig afgaan na die doderyk, dan moet julle weet dat hierdie mense gewys het dat die Here nie vir hulle belangrik is nie.”

[31]Nadat Moses dit gesê het, het die grond onder daardie mense oopgeskeur.

[32]Die aarde het sy mond oopgemaak en dit het hulle huisgesinne ingesluk, elkeen wat saam met Korag was, en alles wat aan hulle behoort het.

[33]Hulle en almal wat aan hulle behoort het, het lewendig afgegaan na die doderyk. Die aarde het hulle toegemaak. Hulle het verdwyn uit die volk.

[34]Al die Israeliete naby hulle het gevlug toe hulle hoor hoe skree die mense. Die Israeliete was bang dat die aarde hulle ook sal insluk.

[35]Daarna het die Here ’n vuur gestuur, en die 250 mans wat die wierook wou offer, het verbrand.

[36]Die Here het vir Moses gesê:

[37]“Sê vir die priester Eleasar seun van Aäron hy moet die panne optel en die kole weggooi, want

[38]die panne van hierdie sondaars wat gesterf het, is nou gewyd. Julle moet die panne plat slaan en die plate teen die altaar vasmaak. Die manne het die panne naby die altaar gebring, daarom is die panne gewyd, en die plate moet vir die Israeliete ’n teken wees.”

[39]Die priester Eleasar het toe die brons panne geneem en hy het hulle plat geslaan en die plate teen die altaar vasgemaak.

[40]Wanneer die Israeliete die plate sien, dan moes hulle onthou dat net iemand van die nageslag van Aäron by die altaar mag kom om wierook te brand. As iemand anders daar wierook brand, dan sal dieselfde met daardie persoon gebeur wat met Korag en sy vriende gebeur het. Die Here het vir Moses gesê hy moet dit vir die Israeliete sê.

Die Israeliete is opstandig, en die Here straf hulle

[41]Die volgende dag het die hele volksvergadering van die Israeliete vir Moses en Aäron beskuldig. Hulle het gesê: “Julle het die volk van die Here doodgemaak!”

© Bible Society of South Africa.

42Die Israeliete het opstandig geword teen Moses en Aäron, maar toe hulle kyk na die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, toe was die wolk oor die tent en toe sien hulle die lig wat om die Here, die Koning, is.

43Toe Moses en Aäron by die tent kom,

44het die Here vir Moses gesê:

45"Julle moet weggaan van die volksvergadering, Ek wil hulle nou dadelik laat sterf." Moses en Aäron het gaan lê met hulle gesigte teen die grond.

46Toe sê Moses vir Aäron: "Neem 'n pan en sit daarin van die kole wat op die altaar is. Sit dan wierook bo-op en gaan gou na die volksvergadering toe en doen versoening vir hulle. Die Here is baie kwaad, en daar is mense wat begin sterf."

47Aäron het gedoen wat Moses gesê het. Die mense het begin sterf, maar Aäron het tussen hulle ingehardloop en hy het die wierook gebrand en versoening gedoen vir hulle.

48Terwyl hy daar staan tussen die mense wat gesterf het en die mense wat nog gelewe het, het daar nie meer mense gesterf nie.

49Daar was 14 700 mense wat gesterf het. Korag en sy vriende het ook gesterf.

50Aäron het teruggegaan na Moses by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Daar het nie nog mense gesterf nie.

Numeri 17

Aäron se kierie

1Die Here het vir Moses gesê:

2"Praat met die Israeliete en vra vir elke familie 'n kierie, jy moet een kierie van elke familiehoof kry, daar moet twaalf kieries wees. Jy moet elkeen se naam op sy kierie skryf

3en jy moet Aäron se naam op die Levi-familie se kierie skryf, want daar moet een kierie wees vir elke familiehoof.

4Dan moet jy die kieries neersit in die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn, jy moet dit sit voor die kis waarin die tien gebooie is en waar Ek aan julle verskyn,

5Ek sal 'n man kies om priester te wees, en sy kierie sal takkies en blare kry. So sal Ek die Israeliete laat ophou om altyd vir julle te beskuldig."

6Moses het toe met die Israeliete gepraat, en elke leier het vir hom 'n kierie gegee. Daar was twaalf kieries, een kierie vir elke leier, en Aäron se kierie was ook daarby.

7Moses het die kieries voor die Here neergesit in die tent waarin die tien gebooie is.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Toe Moses die volgende dag in die tent kom, was daar takkies en blare aan Aäron se kierie. Daar het blomme uitgekom, en die kierie het ryp amandels gedra.

9Moses bring toe die kieries uit die tent na die Israeliete toe. Hulle het na die kieries gekyk, en elke leier het sy eie kierie geneem.

10En die Here het vir Moses gesê: “Jy moet Aäron se kierie terugsit voor die kis waarin die tien gebooie is. Dit moet daar bly om ’n teken te wees vir opstandige mense. Hulle moet weet dat as hulle nie ophou om vir julle te beskuldig nie, dan sal hulle sterf.”

11Moses het gedoen wat die Here vir hom gesê het.

12En toe sê die Israeliete vir Moses: “Ons sal sterf! Ons sal almal sterf! Nie een van ons sal oorbly nie.

13Elke persoon wat naby die tempel-tent van die Here kom, sal sterf. Hoekom moet ons almal sterf?”

Numeri 18

Die werk van die Leviete en die priesters

1Die Here het vir Aäron gesê: “Wanneer iemand iets verkeerd doen by die tempel-tent, dan sal dit jou en jou seuns en jou familie se skuld wees. Wanneer ’n priester iets verkeerd doen, dan sal dit jou en jou seuns se skuld wees.

2Jy moet jou ander familie, die Leviete wat die nageslag is van jou voorvader Levi, saam met jou laat nader kom. Hulle moet by jou wees en vir jou werk. Jy en jou seuns saam met jou moet by die tent wees waarin die tien gebooie is.

3Die Leviete moet jou help met jou werk en met die werk by die hele tent. Maar hulle moenie by die gewyde gereedskap en die altaar kom nie. As hulle dit doen, dan sal hulle én julle sterf.

4Die Leviete moet by jou wees en hulle moet die werk doen by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn, hulle moet help met al die werk by die tent. Niemand anders mag naby julle kom nie.

5Julle self moet die werk by die tempel-tent en die altaar doen. Dan sal Ek nie weer kwaad word vir die Israeliete nie.

6Ek self het julle familie, die Leviete, weggeneem tussen die Israeliete. Ek het hulle vir My geneem om die werk te doen by die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn. Ek gee die Leviete vir julle om julle te help.

7Maar jy en jou seuns moet die priesters wees wat die werk doen by die altaar en in die kamer agter die gordyn. Ek gee daardie werk vir julle. Maar wanneer iemand anders daardie werk doen, dan sal hy sterf.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die offers wat die priesters mag gebruik

8Die Here het vir Aäron gesê: “Ek self het vir jou gesê jy moet kyk dat mense die regte offers vir My bring. Ek gee van nou af vir jou al die gewyde presente wat die Israeliete vir My bring. Dit sal altyd aan jou en jou seuns behoort, dit is wat julle moet kry.

9Jy moet die deel van die hoog-gewyde offers kry wat julle nie verbrand nie, dit is al die koring-offers, al die sonde-offers, al die skuld-offers. Dit is al die hoog-gewyde offers wat die Israeliete vir My bring. Jy en jou seuns moet dit kry.

10Dit is hoog-gewyde dinge, maar julle mag dit eet. Elke man of seun in jou familie mag dit eet. Dit moet vir julle gewyde dinge wees.

11Elke beweeg-offer wat die Israeliete vir My gee, is ook joune. Ek gee dit vir jou en jou seuns en jou dogters saam met jou. Dit moet altyd so wees. Elkeen in jou huisgesin wat rein is, mag daarvan eet.

12Wanneer die Israeliete van die eerste olyf-olie, wyn en koring vir My bring, dan gee Ek vir jou die beste daarvan.

13Die eerste van alles wat in die grond groei en wat hulle vir My bring, moet joune wees. Elkeen in jou huisgesin wat rein is, mag daarvan eet.

14Alles in die land Israel wat gewy is, moet joune wees.

15Wanneer die Israeliete die oudste seun of die eerste kleintjie van ’n dier vir My bring, dan is dit joune. Maar jy moet elke oudste seun en elke eerste kleintjie van ’n onrein dier loskoop.

16As jy ’n seun of ’n dier wil loskoop wanneer hy ’n maand oud is, dan moet jy vyf silwer sikkels betaal, dit moet tempel-sikkels wees wat elkeen 20 gera weeg.

17Jy moenie die eerste bees-kalf of skaap-lam of bok-lam loskoop nie. Hulle is gewyd. Jy moet hulle bloed teen die altaar uitgooi en jy moet hulle vet verbrand. Dit is ’n vuur-offer wat lekker ruik vir die Here.

18Maar die vleis van die diere moet joune wees, en die bors van die beweeg-offer en die boud is ook joune.

19Ek het vir jou en jou seuns en jou dogters al die gewyde presente gegee wat die Israeliete vir My bring. Julle sal dit altyd kry. Dit belowe Ek, jy en jou nageslag sal dit altyd kry.”

Die Leviete kry die tiendes

20Die Here het ook vir Aäron gesê: “Jy kry nie in die land van die Israeliete grond waar julle kan woon nie, jou stam kry nie grond tussen die ander stamme nie. Ek self sal aan julle behoort, julle sal vir My hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Luister, Ek gee vir die Levi-stam al die tiendes wat die Israeliete bring. Die Levi-stam kry dit vir die werk wat hulle moet doen, die werk by die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn.

22Die ander Israeliete mag nou nie meer naby die tent kom waar Ek aan hulle verskyn nie. As een van hulle dit doen, dan doen hy verkeerd en dan moet hy sterf.

23Die Leviete moet die werk by die tent doen, en wanneer hulle verkeerd doen, dan sal Ek hulle straf. Dit sal altyd so wees, vir julle en vir julle nageslag. Maar hulle kry nie grond tussen die ander stamme nie.

24Die Leviete kry die tiendes wat die Israeliete vir My gee, dit is hulle s'n. Dit is hoekom Ek vir die Leviete gesê het dat hulle nie grond kry tussen die ander stamme nie."

Die hoëpriester kry 'n tiende van die tiendes

25Die Here het vir Moses gesê:

26"Jy moet vir die Leviete sê: Julle sal van die Israeliete die tiendes kry wat Ek vir julle gegee het, dit behoort aan julle. Wanneer julle dit kry, dan moet julle 'n tiende daarvan vir My gee.

27Dit moet julle offers vir My wees, dit is dieselfde soos wanneer julle koring van die dorsvloer en wyn uit die parskuip gekry het en gegee het.

28So sal ook júlle vir My offers bring, julle sal dit gee van al die tiendes wat julle van die Israeliete kry. En die offers wat julle vir My moet bring, moet julle vir die priester Aäron gee.

29Julle moet van alles wat julle kry, elke maal vir My die deel gee wat Ek moet kry. Julle moet die beste deel daarvan aan My wy.

30"Jy moet ook vir hulle sê: Wanneer julle die beste deel gewy het, dan is die deel wat oorbly vir die Leviete soos die koring wat hulle van die dorsvloer moet kry, en soos die wyn wat hulle uit die parskuip moet kry.

31Julle en julle huisgesinne mag julle deel van die tiendes eet op enige plek, want dit is julle beloning vir die werk wat julle doen in die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn.

32Wanneer julle die beste deel vir My gegee het, dan doen julle nie verkeerd wanneer julle die deel eet wat julle moet kry nie. Maar julle moenie die gewyde dinge wat die Israeliete offer, ontwy nie. As julle dit doen, dan sal julle sterf."

Numeri 19

Die water wat mense rein kan laat word

1Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2“Daar is iets wat Ek wil hê julle moet altyd doen: Jy moet vir die Israeliete sê hulle moet vir jou ’n gesonde rooi koei gee. Daar moenie ’n merk of ’n seerplek aan haar wees nie en sy moet nog nooit ’n juk gedra het nie.

3Julle moet die koei vir die priester Eleasar gee. Eleasar moet haar na buite die kamp bring en hulle moet haar slag, Eleasar moet ook daar wees.

4Dan moet hy van die koei se bloed op sy vinger neem en hy moet dit sewe maal spat teen die ingang van die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn.

5Daarna moet hulle die koei verbrand, Eleasar moet ook daar wees. Hulle moet die vel en die vleis en die bloed verbrand saam met die pensmis.

6Die priester moet ’n stukkie sederhout, ’n hisop-takkie en rooi tou neem en hy moet dit in die vuur gooi waar hulle die koei verbrand.

7Daarna moet hy sy klere was en hy moet bad. Dan mag hy in die kamp kom, maar hy sal tot die aand onrein wees.

8Die persoon wat die koei verbrand het, moet ook sy klere was en hy moet bad. Hy sal ook tot die aand onrein wees.

9Iemand wat rein is, moet die koei se as bymekaarmaak en hy moet dit buite die kamp op ’n rein plek sit. Die volksvergadering van Israel moet die as gebruik wanneer hulle water wil gereedmaak wat mense rein kan laat word. Die koei is ’n sonde-offer.

10Die persoon wat die koei se as bymekaargemaak het, moet sy klere was en hy sal tot die aand onrein wees. “Die Israeliete en die vreemdelinge wat by hulle woon, moet altyd dit doen.

11“Wanneer iemand aan ’n mens se dooie liggaam raak, dan sal daardie persoon sewe dae lank onrein wees.

12Hy moet homself reinig op die derde dag en op die sewende dag, dan sal hy rein wees. Maar as hy homself nie op die derde dag en op die sewende dag reinig nie, sal hy nie rein word nie.

13Wanneer iemand aan ’n mens se dooie liggaam raak en hy reinig homself nie, dan sal hy die Here se tempel-tent onrein laat word, en dan moet julle hom afsny van Israel. Niemand het die water oor hom gespat wat hom rein kan laat word nie, daarom bly hy onrein.

14“Dit is wat julle moet doen wanneer iemand in ’n tent sterf: Elkeen wat in die tent kom en alles wat in die tent is, sal sewe dae lank onrein wees.

15Elke oop pot of kruik wat nie ’n deksel op het wat iemand daar vasgebind het nie, sal onrein wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16“Wanneer enige persoon buite in die veld aan die dooie liggaam raak van iemand wat in ’n oorlog gesterf het of hy raak aan iemand anders wat dood is of aan ’n dooie mens se bene of aan ’n graf, dan sal hy sewe dae lank onrein wees.

17Wanneer iemand so onrein geword het, dan moet hulle van die as neem van die koei wat hulle verbrand het om ’n sonde-offer te wees en hulle moet water uit ’n fontein in ’n kruik gooi saam met die as.

18Daarna moet iemand wat rein is, ’n hisop-takkie neem en hy moet dit in die water druk. Dan moet hy die water spat op die tent en op al die goed in die tent en op elkeen wat geraak het aan ’n dooie mens se bene of aan die dooie liggaam van iemand wat in oorlog gesterf het, of wat geraak het aan die dooie liggaam van iemand anders of aan ’n graf.

19Die persoon wat rein is, moet van hierdie water spat op die onrein persoon op die derde dag en op die sewende dag. Dan moet die onrein persoon sy klere was en hy moet bad. Hy sal rein wees wanneer die dag verby is.

20“Wanneer iemand onrein geword het en hy reinig homself nie, dan moet hulle hom afsny van die volksvergadering, want hy het die tempel-tent van die Here onrein laat word. Hy is onrein, want iemand het nie van die water op hom gespat wat hom rein kan laat word nie.

21Hulle moet altyd dit doen. Die persoon wat die water gespat het wat iemand rein laat word het, moet sy klere was. En iemand wat aan daardie water raak, sal tot die aand onrein wees.

22Elke ding waaraan ’n onrein persoon raak, word ook onrein, en die persoon wat aan so ’n ding raak, is onrein tot die aand.”

Numeri 20

Daar kom water uit ’n rots

1Die Israeliete, die hele volk, het in die eerste maand in die Sin-woestyn gekom. Hulle het by die stad Kades gaan woon. Mirjam het daar gesterf, en hulle het haar daar begrawe.

2Daar was nie water vir die volk nie, hulle het bymekaargekom en gekla teen Moses en Aäron.

3Die volk het vir Moses beskuldig. Hulle het gesê: “Ons wens ons het ook gesterf toe die Here ons familie laat sterf het.

4Hoekom het julle die volk van die Here na hierdie woestyn gebring sodat ons en ons diere hier moet sterf?

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5Hoekom het julle ons laat weggaan uit Egipte? Hoekom het julle ons na hierdie slegte plek gebring? ’n Mens kan nie hier koring saai nie, ’n mens kan ook nie vye of wingerde of granaatbome plant nie, en hier is nie water om te drink nie.”

6Moses en Aäron het weggegaan van die volk en hulle het gegaan na die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hulle het gaan lê met hulle gesigte teen die grond en hulle het gebid. Toe het hulle die lig gesien wat om die Koning, die Here, is.

7Die Here het vir Moses gesê:

8“Neem Aäron se kierie en roep die volk bymekaar, jy en jou broer Aäron. Dan moet jy met die rots praat, hulle moet sien dat jy dit doen. Daar sal water uit die rots kom. Jy moet vir hulle die water uit die rots laat kom, sodat hulle en hulle diere kan drink.”

9Moses het gedoen wat die Here gesê het. Hy het die kierie gaan haal wat voor die verbondskis was,

10en hy en Aäron het die volk bymekaargeroep voor die rots. Moses het vir hulle gesê: “Julle moet luister, julle wat so opstandig is! Moet ons vir julle water laat kom uit hierdie rots?”

11En toe lig Moses sy arm op en hy slaan die rots twee maal met die kierie. Daar het baie water uitgekom, en die volk en hulle diere het gedrink.

12Maar toe sê die Here vir Moses en Aäron: “Julle het nie geglo dat Ek sal doen wat Ek gesê het nie. Julle het nie vir die Israeliete gewys dat Ek die heilige God is nie. Daarom sal julle nie hierdie volk bring in die land wat Ek vir hulle gee nie.”

13Dit het gebeur by die Meriba-water. Die Israeliete het daar vir die Here beskuldig, en Hy het vir hulle gewys dat Hy die heilige God is.

Die Edomiete wil nie hê dat die Israeliete deur hulle land gaan nie

14Moses het uit Kades boodskappers gestuur na die koning van die land Edom. Hy het gesê: “Dit is jou broer-volk, die Israeliete, wat praat. Jy weet van die baie probleme wat ons gehad het.

15Ons voorvaders het na Egipte gegaan, en ons het lank daar gewoon. Die Egiptenaars het slegte dinge gedoen aan ons en ons voorvaders.

16Maar toe het ons tot die Here gebid en gevra dat Hy ons moet help. Die Here het gehoor en Hy het ’n engel gestuur en ons uit Egipte gebring. Ons is nou hier in Kades, ’n stad wat op die grens van jou land is.

17Laat ons nou asseblief deur jou land gaan. Ons sal nie deur julle koringlande of julle wingerde loop nie, ons sal nie water drink uit julle putte nie, ons sal net op die Koningspad bly, en ons sal nie links of regs wegdraai voordat ons deur jou land is nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18Die koning van Edom het geantwoord: “Julle mag nie deur my land gaan nie. As julle dit doen, dan sal ek oorlog maak teen julle.”

19Die Israeliete het vir hom gesê: “Ons sal op die pad bly, en as ons en ons diere van jou water drink, dan sal ons daarvoor betaal. Ons sal nie probleme maak nie, ons wil net deur jou land loop.”

20Maar die koning van Edom het gesê: “Julle sal nie deur my land gaan nie.” En hy het met ’n groot en sterk leër gekom om die Israeliete aan te val.

21Die Edomiete wou nie hê dat die Israeliete deur hulle land moet gaan nie, en die Israeliete het weggedraai van die land Edom.

22Hulle het weggegaan van Kades, en die hele volk het by Hor-berg gekom.

Aäron sterf

23Hor-berg was langs die grens van die land Edom. Die Here het by Hor-berg vir Moses en Aäron gesê:

24“Dit is tyd dat Aäron moet sterf. Hy mag nie kom in die land wat Ek vir die Israeliete gee nie, want julle was opstandig teen My by die Meriba-water.

25Jy moet Aäron en sy seun Eleasar neem en jy moet hulle bo-op Hor-berg bring.

26Dan moet jy Aäron se klere uittrek en julle moet die klere vir sy seun Eleasar aantrek. Dan sal Aäron daar sterf.”

27Moses het gedoen wat die Here gesê het. Hulle het teen Hor-berg opgegaan. Die hele volk het gestaan en kyk.

28Moses het Aäron se klere uitgetrek en hy het dit vir Aäron se seun Eleasar aangetrek. Toe het Aäron daar bo-op die berg gesterf. Moses en Eleasar het afgegaan van die berg,

29en toe die volk besef dat Aäron dood is, het al die Israeliete 30 dae lank oor hom gehuil en getreur.

Numeri 21

Die oorlog teen die koning van Arad

1Die koning van Arad, ’n Kanaäniet, het in die Suid-land gewoon. Toe hy hoor dat die Israeliete aankom op die pad na Atarim, het hy oorlog gemaak teen hulle, en party van hulle het sy gevangenes geword.

2Die Israeliete het ’n gelofte gemaak. Hulle het aan die Here belowe en gesê: “As U ons laat wen teen hierdie mense, dan sal ons hulle stede heeltemal verwoes.”

© Bible Society of South Africa.

3Die Here het gedoen wat die Israeliete gevra het, Hy het hulle laat wen teen die Kanaäniete. Die Israeliete het die Kanaäniete almal doodgemaak en hulle stede heeltemal verwoes. Hulle het daardie plek toe Gorma genoem.

Die slange en die slang van brons

4Die Israeliete het van Hor-berg verder gegaan op die pad na die Riet-see. Hulle wou óm die land Edom gaan. Maar die mense het moeg geword op die pad

5en hulle het teen God en Moses gepraat en gekla. Hulle het gesê: “Hoekom het julle ons uit Egipte gebring om in die woestyn te sterf? Want hier is nie kos en water nie, en ons is moeg vir hierdie slegte kos.”

6Toe het die Here slange gestuur wat vlerke het. Die slange het die mense gepik, en baie Israeliete het gesterf.

7Die mense het na Moses toe gekom en gesê: “Ons het sonde gedoen, want ons het teen die Here en teen jou gepraat. Jy moet tot die Here bid en jy moet vra dat Hy die slange moet wegneem van ons.” Moses het toe gebid soos die volk gevra het,

8en die Here het vir hom gesê: “Jy moet ’n slang maak wat vlerke het en jy moet die slang vasmaak aan ’n vlagpaal. As ’n slang iemand gepik het, dan moet daardie persoon na die slang op die paal kyk, en dan sal die persoon nie sterf nie.”

9Moses het ’n slang van brons gemaak en hy het die slang vasgemaak aan ’n vlagpaal. Wanneer ’n slang iemand gepik het, en die persoon kyk na die slang van brons, dan het hy nie gesterf nie.

Die pad na die land Moab

10Die Israeliete het verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan by Obot.

11Hulle het van Obot verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan by Ije-Abarim, naby die land Moab, by die oostekant.

12Hulle het van daar verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan in die Sered-vallei.

13Hulle het van daar verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan langs die Arnon-rivier wat uit die Amoriete se land deur die woestyn vloei. Die Arnon-rivier is die grens tussen die land Moab en die land van die Amoriete.

14Dit is hoekom daar in die Boek van die Oorloë van die Here geskryf is: “By Waheb in Sufa, en by die valleie, by die Arnon-rivier,

15en by die veld tot onder in die valleie, tot waar die stad Ar is, langs die land Moab.”

16Die Israeliete het van daar verder gegaan na die put Beër. Die Here het voorheen met Moses van hierdie put gepraat toe Hy gesê het: “Maak die volk bymekaar sodat Ek vir hulle water uit die put kan gee.”

© Bible Society of South Africa.

17Daardie tyd het die Israeliete hierdie lied gesing: “Put, jy moet vol water word,
hulle moet vir jou sing.

18Dit is leiers wat hierdie put gegrawe het, die belangrike mense van die volk het jou
gegrawe met hulle septers en hulle kieries.” Die Israeliete het uit die woestyn na
Mattana gegaan,

19van Mattana na Nagaliël, van Nagaliël na Bamot,

20en van Bamot na die vallei wat in die land Moab is, naby die boonste punt van
Pisga-berg. Van daar kyk ’n mens af na die droëland.

Die Israeliete oorwin koning Sihon

21Die Israeliete het boodskappers gestuur na Sihon, koning van die Amoriete, en
hulle het vir hom gevra:

22“Ons wil deur jou land gaan. Ons sal nie wegdraai na die koringlande of
die wingerde nie en ons sal nie water drink uit die putte nie. Ons sal op
die Koningspad bly, totdat ons deur jou land is.”

23Maar Sihon wou nie hê dat die Israeliete deur sy land moet gaan nie. Hy het al sy
manne bymekaargeroep en hulle het gegaan om die Israeliete in die woestyn te
ontmoet. Toe hy by die stad Jahas kom, het hy oorlog begin maak teen die Israeliete.

24Maar die Israeliete het hard geveg en hulle het hom oorwin. Hulle het sy land gevat
van die Arnon-rivier tot by die Jabbok-rivier en tot teen die land van die Ammoniete,
want die Ammoniete op die grens was baie sterk.

25Die Israeliete het al daardie stede gevat en hulle het in die Amoriete se stede gaan
woon, in Gesbon en al die dorpe daar naby.

26Gesbon was die stad van Sihon, koning van die Amoriete. Hy het oorlog gemaak
teen die eerste koning van Moab en hy het sy hele land gevat, tot by die Arnon-
rivier.

27Dit is hoekom hulle hierdie lied sing: “Kom na Gesbon, bou dit, bou die stad van
Sihon,

28want daar het ’n vuur uit Gesbon gekom, ’n vlam uit die stad van koning Sihon. Die
vuur het die mense van die stad Ar-Moab verbrand, die mense aan wie die hoë
plekke by die Arnon-rivier behoort.

29Moab, dit sal sleg gaan met jou. Volk van Kemos, julle sal sterf. Jou seuns vlug, jou
dogters is gevangenes van Sihon, die koning van die Amoriete.

30Ons het hulle geskiet. Die mense het gesterf van die stad Gesbon tot by die stad
Dibon. Ons het hulle verwoes tot by die stad Nofag naby die stad Medeba.”

31Die Israeliete het gaan woon in die land van die Amoriete.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

32Moses het spioene na die stad Jaser gestuur, en die Israeliete het die dorpe naby die stad oorwin. Hulle het die Amoriete wat daar was, weggejaag.

Die Israeliete oorwin koning Og van Basan

33Die Israeliete het weggedraai en hulle het op die pad na die land Basan gegaan. Koning Og van Basan het gekom om hulle te ontmoet, hy en al sy manne het gekom. Hy wou oorlog maak teen hulle by die stad Edreï.

34Die Here het vir Moses gesê: “Jy moenie bang wees vir koning Og nie. Ek sal jou laat wen teen hom en al sy manne en sy land. Jy moet doen met hom wat jy gedoen het met koning Sihon van die Amoriete wat in Gesbon gewoon het.”

35Die Israeliete het Og en al sy manne oorwin. Nie een het aangehou lewe nie. Die Israeliete het sy land gevat.

Numeri 22

Die koning van Moab laat vir Bileam roep om die Israeliete te vervloek

1Die Israeliete het verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan in die Moab-vlakte anderkant die Jordaan-rivier by die stad Jerigo.

2Balak seun van Sippor het gehoor wat die Israeliete alles gedoen het met die Amoriete.

3Die Moabiete het baie bang geword vir die Israeliete, want daar was baie Israeliete. Die Moabiete was bang vir die Israeliete

4en hulle het vir die leiers van die Midianiete gesê: “Hierdie klomp mense sal alles rondom ons op-eet soos ’n bees die groen gras in die veld opvreet.” Balak seun van Sippor was in daardie tyd koning van die Moabiete.

5Hy het boodskappers gestuur en vir Bileam seun van Beor laat roep in die stad Petor, in die land Ammau naby die Eufraat-rivier. Hy het gesê die boodskappers moet vir Bileam sê: “Hier het ’n volk uit die land Egipte gekom. Hulle is baie, hulle is oral in die hele land en hulle woon nou hier naby ons.

6Jy moet asseblief kom en jy moet hulle vervloek, want hulle is te sterk vir ons. Miskien sal ons hulle dan kan oorwin en hulle uit die land jaag. Ek weet dat wanneer jy iemand seën, dan gaan dit goed met hom, en wanneer jy iemand vervloek, dan gaan dit sleg met hom.”

7Die leiers van die Moabiete en die Midianiete het gegaan en hulle het die beloning saamgeneem wat waarsêers moet kry. Toe hulle by Bileam kom, het hulle vir hom gesê wat Balak gesê het.

8Bileam het vir hulle gesê: “Julle moet vannag hier slaap, dan sal ek môre vir julle sê wat die Here vir my sê.” Die amptenare van Moab het toe daar by Bileam gebly.

Bileam gaan nie saam nie

© Bible Society of South Africa.

9God het na Bileam toe gekom en vir hom gevra: “Wie is hierdie mans by jou?”

10Bileam het vir God gesê: “Balak seun van Sippor, koning van Moab, het vir my ’n boodskap gestuur en gesê:

11‘Hier het ’n volk uit Egipte gekom, hulle is baie, hulle is oral in die hele land. Nou moet jy kom en jy moet hulle vir my vervloek. Miskien sal ons dan teen hulle oorlog kan maak en hulle uit die land jaag.’ ”

12God het vir Bileam gesê: “Jy moenie saam met die boodskappers gaan nie. Jy moenie die volk vervloek nie, want Ek het hulle geseën.”

13Toe Bileam die volgende oggend opstaan, het hy vir die amptenare van Balak gesê: “Julle moet teruggaan na julle land, want die Here wil nie hê dat ek saam met julle moet gaan nie.”

14Die amptenare van Moab het toe gereedgemaak en na Balak toe gegaan en vir hom gesê: “Bileam het gesê hy wil nie saam met ons kom nie.”

Balak laat weer vir Bileam roep

15Balak stuur toe weer amptenare na Bileam toe. Hulle was meer en belangriker amptenare as die eerste amptenare.

16Toe die amptenare by Bileam kom, het hulle vir hom gesê: “Balak seun van Sippor sê: Kom na my toe, jy moenie dat iemand jou keer om te kom nie,

17want ek sal jou baie ryk maak en ek sal alles doen wat jy sê. Kom vervloek nou asseblief hierdie volk vir my.”

18Bileam het geantwoord en vir die amptenare van Balak gesê: “Ek moet doen wat die Here vir my sê, ook as Balak vir my sy huis vol silwer en goud gee. Ek kan nie minder doen nie en ek kan ook nie meer doen nie.

19Maar julle moet nou ook vannag hier bly, sodat ek kan hoor wat die Here nog vir my wil sê.”

Bileam gaan saam

20God het in die nag na Bileam toe gekom en vir hom gesê: “As die mans gekom het om jou te roep, dan moet jy gereedmaak en saam met hulle gaan. Maar jy moet net doen wat Ek vir jou sê.”

21Toe Bileam die volgende oggend opstaan, het hy sy donkie-merrie opgesaal en saam met die amptenare van Balak gegaan.

Die Engel van die Here

22Maar God het baie kwaad geword toe Bileam gaan. Die Engel van die Here het in die pad gaan staan om vir Bileam te stop. Bileam het op sy donkie gery, en sy twee slawe was by hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Die donkie het gesien dat die Engel van die Here in die pad staan, en dat die Engel sy swaard in sy hand het. Die donkie draai toe uit die pad en gaan in die veld in, maar Bileam het die donkie geslaan om haar te laat terugdraai na die pad.

24Toe gaan staan die Engel van die Here in ’n nou paadjie tussen die wingerde, daar was ’n muur langs elke kant van die paadjie.

25Toe die donkie die Engel van die Here sien, het sy baie naby langs die muur probeer verbyloop en sy het Bileam se been teen die muur vasgedruk. Bileam het die donkie weer geslaan.

26Die Engel van die Here gaan toe verder en gaan staan in ’n nou plek waar ’n mens nie kan wegdraai nie, nie links of regs nie.

27Toe die donkie weer die Engel van die Here sien, het sy gaan lê onder Bileam. Bileam het baie kwaad geword en hy het haar geslaan met ’n stok.

28Die Here maak toe die bek van die donkie oop sodat die donkie kan praat, en sy het vir Bileam gesê: “Wat het ek verkeerd gedoen? Hoekom het jy my nou al drie maal geslaan?”

29Bileam het vir die donkie gesê: “Jy maak my baie kwaad. As ek nou ’n swaard in my hand gehad het, dan het ek jou doodgemaak.”

30Toe sê die donkie: “Ek is jou donkie, jy het altyd tot vandag toe op my gery. Het ek voorheen dit met jou gedoen?” Bileam het gesê: “Nee, jy het nie.”

31En toe maak die Here Bileam se oë oop, en hy sien die Engel van die Here staan in die pad, die Engel het sy swaard in sy hand vasgehou. Bileam het gebuig en hy het gaan lê met sy gesig teen die grond.

32Die Engel van die Here het vir hom gesê: “Hoekom het jy die donkie drie maal geslaan? Ek het self gekom om jou te stop, want jy sal nie by My kan verbykom nie.

33Maar die donkie het My gesien en sy het drie maal weggedraai. As sy dit nie gedoen het nie, dan sou Ek jóú doodgemaak het, maar Ek sou háár laat aanhou lewe het.”

34Bileam sê toe vir die Engel van die Here: “Ek het verkeerd gedoen, ek het nie geweet dat U voor my in die pad staan nie. Maar as U nie wil hê dat ek verder moet gaan nie, dan sal ek teruggaan.”

35Maar die Engel van die Here het vir Bileam gesê: “Nee, gaan saam met die mans, maar jy moet net sê wat Ek vir jou sê.”

Bileam kom by Balak

Bileam het toe saam met die amptenare van Balak gegaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

36Toe Balak hoor dat Bileam gekom het, het hy hom gaan ontmoet by die stad Ir-Moab, naby die Arnon-rivier, op die verste grens van die land.

37Balak sê toe vir Bileam: “Ek het jou twee maal laat roep. Hoekom het jy nie die eerste maal gekom nie? Het jy gedink ek kan jou nie betaal en ryk maak nie?”

38Bileam het vir Balak gesê: “Hier is ek, ek het na jou toe gekom. Maar onthou, ek kan niks sê wat ekself wil sê nie. Ek kan net sê wat God vir my sê.”

39Bileam gaan toe saam met Balak, en hulle het gekom by die stad Kirjat-Gusot.

40Balak het beeste en bokke en skape geslag en hy het dit vir Bileam en die amptenare by hom gestuur.

Bileam praat die eerste maal

41Die volgende oggend het Balak vir Bileam na die stad Bamot-Baäl geneem. Bileam kon van daar die kant van die Israeliete se tente sien.

Numeri 23

1Bileam sê toe vir Balak: “Jy moet hier sewe altare bou en jy moet sewe bulle en sewe skaap-ramme gereedmaak om te offer.”

2Balak het gedoen wat Bileam gesê het, en hulle twee het op elke altaar ’n bul en ’n skaap-ram ge-offer.

3Daarna sê Bileam vir Balak: “Bly hier en staan by jou brand-offer, dan sal ek alleen weggaan. Miskien sal die Here na my toe kom en vir my wys wat ek vir jou moet sê.” Bileam het toe na ’n plek op die berg gegaan waar daar nie bome is nie.

4Toe God by Bileam kom, het Bileam vir God gesê: “Ek het sewe altare laat bou en ek het op elke altaar ’n bul en ’n skaap-ram ge-offer.”

5God sê toe vir Bileam wat hy moet sê, en Hy sê Bileam moet teruggaan na Balak toe en hy moet dit vir Balak sê.

6Bileam het teruggekom by Balak. En daar staan Balak toe nog by sy brand-offer, hy en die amptenare van Moab.

7En toe begin Bileam praat. Hy het gesê: “Balak het my laat kom van die land Aram, van die berge in die ooste. Hy het gesê: ‘Kom vervloek die nageslag van Jakob vir my, kom sê dat dit sleg moet gaan met Israel.’

8Maar as die Here nie die volk vervloek nie, dan kan ek ook nie vir hulle vervloek nie. Die Here het nie gesê dat dit sleg moet gaan met hulle nie. Kan ék dan sê dat dit sleg moet gaan met hulle? Nee.

9Want ek is hier bo-op die rotse en ek sien die volk van hier bo af, ek kyk van die heuwels af na hulle. Hier is ’n volk wat alleen woon, hulle woon nie saam met ander volke nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Niemand kan stof tel nie, hulle kan ook nie die nageslag van Jakob tel nie, niemand kan sê hoeveel is een kwart van die Israeliete nie. Ek bid dat ek eerlik sal bly totdat ek sterf, en dat my einde soos hierdie volk se einde sal wees."

11Balak het vir Bileam gesê: "Wat het jy nou aan my gedoen? Ek het jou laat kom om my vyande te vervloek, maar jy het hulle nou geseën!"

12Bileam het geantwoord: "Ek mag net sê wat die Here vir my gesê het."

Bileam praat die tweede maal

13Balak sê toe vir Bileam: "Kom asseblief saam met my na 'n ander plek. Jy sal van daar net party van hulle tente sien, jy sal hulle nie almal sien nie. Jy moet hulle vir my vervloek van daardie plek af."

14Balak het toe vir Bileam na 'n plek bo-op Pisga-berg geneem, hulle kon van daar ver sien. Hy bou toe daar sewe altare en hy offer op elke altaar 'n bul en 'n skaap-ram.

15Bileam het vir Balak gesê: "Bly staan hier by jou brand-offer, ek sal met die Here gaan praat op 'n ander plek."

16Die Here het na Bileam toe gekom en vir hom gesê wat hy moet sê. Die Here het gesê Bileam moet teruggaan na Balak toe en hy moet dit vir Balak sê.

17Toe Bileam terugkom by Balak, het Balak nog by sy brand-offer gestaan, hy en die amptenare van Moab. Balak het vir Bileam gevra: "Wat het die Here gesê?"

18Bileam begin toe praat. Hy het gesê: "Balak, staan op, luister. Seun van Sippor, jy moet hoor wat ek sê.

19God is nie 'n mens nie, Hy lieg nie, Hy is nie soos 'n mens nie, Hy verander nie wat Hy besluit het nie. Wanneer Hy iets belowe het, dan doen Hy dit. Wanneer hy gepraat het, dan laat Hy dit gebeur.

20Luister, Hy het gesê ek moet die volk seën, en wanneer Hy iemand geseën het, dan kan ek dit nie verander nie.

21Hy het nie besluit dat dit sleg sal gaan met die Israeliete nie, en Hy het ook nie besluit dat hulle sal swaarkry nie. Hulle God die Here is by hulle, hulle juig oor Hom, hulle Koning.

22God, wat hulle uit Egipte gebring het, is vir hulle soos die horings van 'n oer-os.

23Ja, niemand kan die Israeliete toor nie, niemand kan sê wat met hulle moet gebeur nie. Mense sal nou van die Israeliete sê: 'Kyk wat het God gedoen!'

24Hier is 'n volk wat opstaan soos 'n leeu, wat gereedstaan soos 'n leeu, wat nie gaan lê voordat hy iets gevang en geëet het nie, hy gaan lê nie voordat hy die bloed gedrink het van die diere wat hy gevang het nie."

© Bible Society of South Africa.

25Balak het vir Bileam gesê: “As jy hulle nie kan vervloek nie, dan moet jy hulle ook nie seën nie.”

26Bileam het geantwoord en vir Balak gesê: “Ek het vir jou gesê dat ek alles sal doen wat die Here vir my sê.”

Bileam praat die derde maal

27Balak het toe vir Bileam gesê: “Kom asseblief, ek neem jou na ’n ander plek. Miskien sal God tevrede wees as jy hulle vir my vervloek” van daardie plek af.

28Balak neem toe vir Bileam tot bo-op Peor-berg. Van daardie berg kan ’n mens die droëveld sien.

29Bileam het vir hom gesê: “Bou vir my hier sewe altare en maak sewe bulle en sewe skaap-ramme gereed om te offer.”

30Balak het gedoen wat Bileam vir hom gesê het, en hy het op elke altaar ’n bul en ’n skaap-ram ge-offer.

Numeri 24

1Bileam het nou geweet dat die Here wil hê hy moet die Israeliete seën, en hy het nie soos voorheen gesoek na ’n teken nie. Hy het na die woestyn gekyk

2en toe hy sien dat elke stam van Israel op sy eie plek langs die ander stamme woon, het die Gees van God in hom gekom

3en hy het begin praat. Hy het gesê: “Dit is Bileam seun van Beor wat praat, God wys vir my dinge.

4Ek is ’n man wat hoor wat God vir my sê, en wat sien wat die Almagtige vir my wys. Wanneer ek gaan lê en ek bid, dan wys God vir my dinge.

5Israeliete, julle tente is baie mooi, julle woonplekke is mooi.

6Hulle lyk soos lang valleie, soos tuine langs ’n rivier, soos aalwyne wat die Here geplant het, soos sederbome langs die water.

7Die Israeliete se waterkruike loop oor, hulle saai koring by baie water. Hulle koning is sterker as koning Agag, en hulle land word altyd groter.

8God het hulle uit Egipte gebring, Hy is vir hulle soos die horings van ’n oer-os. Hulle sal die volke oorwin wat hulle vyande is, hulle sal die vyande se bene breek en hulle sal die vyande met pyl en boog skiet.

9Die Israeliete is soos ’n leeu. Wie sal ’n leeu opjaag as hy gaan lê het? Israeliete, die Here seën die mense wat vir julle seën, en Hy vervloek die mense wat vir julle vervloek.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Balak was baie kwaad vir Bileam. Hy het sy hande teen mekaar geslaan en hy het
vir Bileam gesê: “Ek het jou laat roep om my vyande te vervloek, maar jy het hulle
nou drie maal geseën.

11Nou moet jy loop, terug na jou plek. Ek het gesê ek sal jou baie ryk maak, maar die
Here het dit gekeer, jy sal nie ryk word nie.”

12Bileam het vir Balak gesê: “Jy het jou boodskappers na my toe gestuur. Ek het vir
hulle gesê:

13‘Ek moet altyd doen wat die Here vir my sê, ook as Balak vir my sy huis vol silwer
en goud gee. Ek kan niks self besluit nie, nie goed of sleg nie. Ek sal net sê wat die
Here vir my sê.’

14Nou gaan ek terug na my mense toe. Maar ek sal nou vir jou sê wat hierdie volk
eendag aan jou volk sal doen.”

Bileam praat die vierde maal

15Bileam het toe begin praat en gesê: “Dit is Bileam seun van Beor wat praat, God
wys vir my dinge.

16Ek is ’n man wat gehoor het wat God vir my sê, wat weet wat die Hoogste God vir
my leer, wat sien wat die Almagtige vir my wys. Wanneer ek gaan lê en ek bid, dan
wys God vir my dinge.

17Ek sien iemand kom, maar nie nou nie, Ek sien hom, maar hy is nie naby nie. Daar
sal ’n ster uit die volk Israel kom, ’n koning sal uit die Israeliete kom, en hy sal trap op
die grense van die land Moab, hy sal die nageslag van Set verwoes.

18Die Israeliete sal die land Edom vir hulleself vat, die land Seïr sal behoort aan die
vyande van die land. Maar Israel sal ’n sterk volk wees.

19Iemand van die nageslag van Jakob sal regeer, en hy sal die mense doodmaak wat
wegvlug uit die stad Ir.”

20Toe kyk Bileam na die Amalekiete, en hy begin weer praat en hy sê: “Die
Amalekiete was die belangrikste volk, maar eendag sal hulle vir altyd verdwyn.”

21Toe kyk hy na die Keniete, en hy begin praat en hy sê: “Julle het ’n plek waar julle
altyd woon, julle woon op ’n rots,

22maar wanneer die Assiriërs julle vang en wegvat, dan sal hulle die woonplek van
Kajin verbrand.”

23Bileam het weer begin praat. Hy het gesê: “Wie sal kan lewe wanneer God al
hierdie dinge laat gebeur? Niemand. Dit sal sleg gaan met julle.

24Daar sal skepe van die Kittiërs kom, en hulle sal die Assiriërs en die Hebreërs
oorwin, maar die skepe sal self sink vir altyd.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Daarna het Bileam gereedgemaak en hy het teruggegaan na sy plek, en Balak het ook huis toe gegaan.

Numeri 25

Die Israeliete begin afgode dien in Sittim

1Terwyl die Israeliete by die stad Sittim gewoon het, het hulle begin om seks te hê met die Moabitiese meisies.

2Die meisies het die Israeliete uitgenooi na die offers vir hulle gode, en die Israeliete het saam met hulle geëet en gebuig vir die gode van die Moabitiese meisies.

3Die Here het kwaad geword vir die Israeliete toe hulle vir Baäl-Peor begin dien,

4en Hy het vir Moses gesê: “Jy moet al die leiers van die mense vat en jy moet hulle voor die tempel-tent in die son ophang, dan sal Ek weer goed word vir die Israeliete.”

5Moses het vir die regters van Israel gesê: “Elkeen van julle moet sy eie manne doodmaak wat vir Baäl-Peor begin dien het.”

Pinehas doen versoening vir die volk

6Daar het een van die Israelitiese mans gekom en hy het ’n Midianitiese vrou saamgebring na sy familie toe. Moses en die hele volk het dit gesien en hulle het gestaan en huil by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

7Toe Pinehas seun van Eleasar seun van die priester Aäron sien wat die man doen, het hy opgestaan tussen die ander Israeliete en hy het ’n spies in sy hand geneem.

8Hy het die man gevolg tot by die vroue se tent. Hy het die spies deur altwee gesteek, deur die Israelitiese man en deur die maag van die vrou. Daarna het die Here opgehou om die Israeliete te straf, hulle het nie meer gesterf nie.

9Maar daar was 24 000 Israeliete wat gesterf het.

10Die Here het vir Moses gesê:

11“Pinehas seun van Eleasar seun van die priester Aäron het daardie man en vrou doodgemaak, nou is Ek nie meer kwaad vir die Israeliete nie. Ek was kwaad omdat hulle ontrou was, en Pinehas was ook kwaad daaroor, soos Ek. Dit is nou nie meer nodig dat Ek self kwaad bly en hulle almal doodmaak omdat hulle ontrou was nie.

12Daarom moet jy vir Pinehas sê dat Ek ’n verbond maak met hom, en dit sal goed gaan met hom.

13Pinehas het kwaad geword omdat die Israeliete ontrou was en hy het versoening gedoen vir hulle. Daarom maak Ek met hom hierdie verbond: Hy en sy nageslag sal altyd priesters wees.”

Die Midianiete is vyande van die Israeliete

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Simri was die Israelitiese man wat saam met die Midianitiese vrou gesterf het. Pinehas het hulle doodgemaak. Simri was ’n familiehoof in die Simeon-stam en hy was die seun van Salu.

15Die Midianitiese vrou wat gesterf het, was Kosbi dogter van Sur. Haar pa was ’n stamhoof van die Midianiete.

16Die Here het vir Moses gesê:

17“Julle moet onthou die Midianiete is julle vyande. Julle moet hulle doodmaak,

18want hulle het julle vyande geword en hulle het julle verlei om vir Baäl-Peor te dien en toe Kosbi, die Midianitiese vrou, die Israelitiese man verlei het. Kosbi was die dogter van ’n leier van die Midianiete. Pinehas het haar doodgemaak op dieselfde dag toe baie Israeliete gesterf het omdat hulle vir Baäl-Peor gedien het.”

Numeri 26

Moses en Eleasar tel die Israeliete

1Nadat daar so baie Israeliete gesterf het, het die Here vir Moses en die priester Eleasar seun van Aäron gesê:

2“Julle moet al die Israeliete tel, almal wat 20 jaar oud of ouer is, almal wat oorlog kan maak. Julle moet opskryf uit watter families hulle kom.”

3Moses en die priester Eleasar het toe met die Israeliete gepraat in die Moab-vlakte langs die Jordaan-rivier oorkant die stad Jerigo. Hulle het gesê

4hulle wil weet wie is almal ouer as 20 jaar. Die Here het vir Moses gesê hulle moet dit doen, soos hulle gedoen het toe die Israeliete uit Egipte gekom het.

5Ruben was die oudste seun van Israel. Die families in die Ruben-stam was Henog, Pallu,

6Gesron en Karmi.

7Daar was 43 700 persone in die families van die Ruben-stam.

8Die seun van Pallu was Eliab,

9en die seuns van Eliab was Nemuel, Datan en Abiram. Dit is hierdie Datan en Abiram wat leiers was, die volk het hulle gekies om leiers te wees, en dit was hulle wat saam met die Korag-groep opstandig geword het teen Moses en Aäron. Hulle was ook opstandig teen die Here.

10Toe het die aarde oopgeskeur en die aarde het hulle ingesluk saam met Korag. Die Korag-groep het gesterf toe 250 van hulle manne verbrand het. Hulle het ’n teken geword vir ander mense,

11maar die kinders van Korag het nie gesterf nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12 Die families in die Simeon-stam was Nemuel, Jamin, Jakin,

13 Serag en Saul.

14 Daar was 22 200 persone in die families van die Simeon-stam.

15 Die families in die Gad-stam was Sefon, Gaggi, Suni,

16 Osni, Eri,

17 Arod en Areli.

18 Daar was 40 500 persone in die families van die Gad-stam.

19 Er en Onan was seuns van Juda, maar hulle het gesterf in die land Kanaän.

20 Die families in die Juda-stam was Sela, Peres en Serag.

21 Die families van die nageslag van Peres was Gesron en Gamul.

22 Daar was 76 500 persone in die families van die Juda-stam.

23 Die families in die Issaskar-stam was Tola, Puwwa,

24 Jasub en Simron.

25 Daar was 64 300 persone in die families van die Issaskar-stam.

26 Die families in die Sebulon-stam was Sered, Elon en Jagleël.

27 Daar was 60 500 persone in die families van die Sebulon-stam.

28 Josef was die voorvader van die families van Manasse en Efraim.

29 Die eerste familie in die Manasse-stam was Makir, en die mense van Makir was die voorouers van die Gilead-families.

30 Die Gilead-families was Iëser, Gelek,

31 Asriël, Sekam,

32 Semida en Gefer.

33 Selofgad seun van Gefer het nie seuns gehad nie, hy het net dogters gehad. Die dogters was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.

34 Daar was 52 700 persone in die families van die Manasse-stam.

35 Die Efraim-families was Sutelag, Beker en Tagan.

36 Sutelag was ook die voorvader van die Eran-familie.

37 Daar was 32 500 persone in die families van die Efraim-stam. Dit was al die families van die nageslag van Josef.

38 Die families in die Benjamin-stam was Bela, Asbel, Agiram,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

39 Sefufam en Gufam.

40 Bela was ook die voorvader van die families Ard en Naäman.

41 Daar was 45 600 persone in die families van die Benjamin-stam.

42 Die familie Sugam was die enigste familie van die Dan-stam.

43 Daar was 64 400 persone in die familie van Sugam.

44 Die families in die Aser-stam was Jimna, Jiswi en Beria.

45 Beria was ook die voorvader van die families Geber en Malkiël.

46 Aser het ook ’n dogter gehad, haar naam was Serag.

47 Daar was 53 400 persone in die families van die Aser-stam.

48 Die families in die Naftali-stam was Jagseël, Guni,

49 Jeser en Sillem.

50 Daar was 45 400 persone in die families van die Naftali-stam.

51 Die Israeliete was almal saam 601 750.

52 Die Here het vir Moses gesê:

53 “Jy moet die land verdeel tussen hierdie families. Elke familie moet soveel grond kry soos die getal persone in die familie.

54 Jy moet vir ’n groot familie ’n groter stuk grond gee en vir ’n klein familie ’n kleiner stuk grond. Elke familie moet soveel grond kry soos die getal persone in die familie.

55 Maar jy moet lootjies trek wanneer jy die land verdeel.

56 Die lootjies moet wys watter stuk grond elke familie moet kry, watter grond die groot families moet kry, en wat die klein families moet kry.”

57 Die families in die Levi-stam was Gerson, Kehat en Merari.

58 Ander Levi-families was Libni, Hebron, Magli, Musi en Korag. Kehat was die pa van Amram,

59 en Amram was getroud met Jogebed. Sy is gebore in die land Egipte en sy was van die nageslag van Levi. Sy en Amram het drie kinders gehad: Aäron, Moses en hulle suster Mirjam.

60 Aäron was die pa van Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar,

61 maar Nadab en Abihu het gesterf toe hulle met verkeerde vuur vir die Here ’n offer gebring het.

© Bible Society of South Africa.

62Daar was 23 000 mans in die Levi-families wat ’n maand oud of ouer was. Moses en Eleasar het hulle nie saam met die ander Israeliete getel nie, want hulle het nie saam met die ander Israeliete grond gekry nie.

63Moses en die priester Eleasar het al hierdie mense getel in die Moab-vlakte langs die Jordaan-rivier oorkant die stad Jerigo.

64Hierdie persone het nog nie gelewe toe Moses en die priester Aäron voorheen die Israeliete in die Sinai-woestyn getel het nie.

65Die Here het daardie tyd vir die Israeliete gesê dat hulle almal daar in die woestyn sal sterf, dit is seker. Nie een van daardie Israeliete het aangehou lewe nie, net Kaleb seun van Jefunne en Josua seun van Nun het nog gelewe.

Numeri 27

Die dogters van Selofgad kry hulle pa se grond

1Die dogters van Selofgad was van die nageslag van Manasse. Selofgad was die seun van Gefer seun van Gilead seun van Makir seun van Manasse. Die name van die dogters was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa. Hulle het nader gekom

2en hulle het gaan staan by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het. Hulle het gaan staan voor Moses en die priester Eleasar en die leiers en die hele volk, en hulle het gesê:

3“Ons pa het in die woestyn gesterf. Hy was nie een van die groep wat saam met Korag teen die Here opstandig geword het nie, hy het gesterf omdat hy self sonde gedoen het. Maar hy het nie seuns gehad wat sy grond kan kry nie.

4Hoekom moet ons pa se naam nou verdwyn uit sy familie? Jy moet vir ons grond gee tussen ons pa se broers.”

5Moses het vir die Here gevra of die dogters reg is,

6en die Here het vir hom gesê:

7“Die dogters van Selofgad praat reg. Jy moet vir elkeen haar eie grond gee tussen haar pa se broers, jy moet dit doen. Jy moet vir hulle die grond gee wat hulle pa sou gekry het.

8“En jy moet vir die Israeliete sê: “Wanneer ’n man sterf en hy het nie ’n seun nie, dan moet julle sy grond vir sy dogter gee.

9As hy ook nie ’n dogter het nie, dan moet julle sy grond vir sy broers gee.

10As hy ook nie broers het nie, dan moet julle sy grond vir sy pa se broers gee.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11 En as sy pa nie broers gehad het nie, dan moet julle sy grond gee vir die persoon
wat sy naaste familie is, sodat dit daardie persoon se grond sal wees. “Dit is wat die
Israeliete altyd moet doen.” Die Here het dit vir Moses gesê.

Josua moet die leier van die Israeliete wees

12 Die Here het vir Moses gesê: “Jy moet op die Abarim-berg klim en na die land kyk
wat Ek vir die Israeliete gegee het.

13 Wanneer jy klaar gekyk het, dan sal jy sterf soos jou broer Aäron gesterf het

14 omdat julle teen My opstandig was in die Sin-woestyn. Toe die volk My beskuldig
het, het julle nie met die water vir hulle gewys dat Ek die heilige God is nie.” Dit het
gebeur by die Meriba-water, by die stad Kades in die Sin-woestyn.

15 Moses het toe vir die Here gesê:

16 “Here, God, U gee vir almal die lewe, U moet dan iemand vir die volk kies en
aanstel

17 wat die leier van die volk kan wees. Die volk van die Here mag nie wees soos skape
en bokke wat nie ’n wagter het nie.”

18 Die Here sê toe vir Moses: “Jy moet vir Josua seun van Nun neem en jy moet jou
hande op hom sit. My Gees sal hom lei.

19 Jy moet hom voor die priester Eleasar en voor die hele volk laat staan en jy moet
vir hom sê wat hy moet doen. Hulle moet dit hoor.

20 Jy moet vir al die Israeliete sê hulle moet gehoorsaam wees aan Josua, soos hulle
gehoorsaam was aan jou.

21 En wanneer Josua wil weet of hy iets mag doen, dan moet hy vir die priester
Eleasar vra om met die urim vir die Here te vra wat hy moet besluit. Josua en al die
Israeliete, die hele volk, moet altyd doen wat die Here sê.”

22 Moses het gedoen wat die Here gesê het. Hy het vir Josua geneem en hy het hom
voor die priester Eleasar en die hele volk laat staan.

23 Moses het sy hande op Josua gesit en vir hom gesê wat hy moet doen. Moses het
gedoen wat die Here vir hom gesê het.

Numeri 28

Offers wat die Israeliete elke dag moet gee

1 Die Here het vir Moses gesê:

2 “Jy moet vir die Israeliete sê hulle moet my offers vir My gee op die tyd wat Ek sê,
die offers wat Ek moet kry. Dit is kos vir My, dit is vuur-offers, dit ruik lekker vir My.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3“Jy moet vir hulle sê hulle moet elke dag vir My hierdie vuur-offer bring: twee gesonde jaaroud ram-lammers. Dit is ’n brand-offer wat hulle elke dag moet bring.

4Julle moet een lam in die oggend offer en die ander lam wanneer dit begin donker word.

5Hulle moet saam met hierdie vuur-offer ook ’n koring-offer bring. Die koring-offers is een tiende van ’n efa van die beste meel wat julle moet meng met ’n kwart hin olyf-olie wat uit die parskuip kom.

6Dit is die brand-offer wat julle elke dag moet bring, julle doen dit vandat julle by Sinai-berg was. Dit ruik lekker vir My, die Here, dit is ’n vuur-offer vir My.

7Saam met die brand-offer moet julle ook ’n drank-offer gee. Die drank-offer is ’n kwart hin wyn wat julle vir die Here by die tempel moet uitgooi op die altaar.

8Wanneer dit begin donker word, dan moet julle die tweede lam offer saam met die koring-offer en die drank-offer, julle moet dit offer soos in die oggend. Dit is ’n vuur-offer, dit ruik lekker vir My, die Here.”

Offers op die Sabbatdag

9Die Here het vir Moses gesê: “Op die Sabbatdag moet julle twee gesonde jaaroud ram-lammers offer. Julle moet dit offer saam met twee tiendes van ’n efa van die beste meel wat julle met olyf-olie moet meng, en saam met die drank-offer wat julle saam met die lammers moet offer.

10Dit is die brand-offers wat julle elke Sabbatdag moet bring, saam met die brand-offers wat julle elke dag moet bring en die drank-offers wat julle saam met die brand-offers moet bring.”

Die offers op die eerste dag van die maand

11Die Here het vir Moses gesê: “Op die eerste dag van elke maand moet julle vir die Here twee jong bulle, een skaap-ram en sewe ram-lammers gee. Dit moet gesonde diere wees.

12Saam met elke bul moet julle ’n koring-offer gee. Die koring-offer is drie tiendes van ’n efa van die beste meel wat julle moet meng met olyf-olie. Saam met die ram moet julle ’n koring-offer van twee tiendes van ’n efa van die beste meel gee wat julle moet meng met olyf-olie.

13Saam met elke lam moet julle ’n koring-offer van een tiende van ’n efa van die beste meel gee wat julle moet meng met olyf-olie. Dit is ’n brand-offer, ’n vuur-offer wat lekker ruik vir die Here.

14Die drank-offer saam met ’n bul moet ’n halwe hin wyn wees. Die drank-offer saam met ’n ram moet een derde van ’n hin wees, en die drank-offer saam met ’n lam moet ’n kwart hin wees. Dit is die brand-offer wat julle elke maand van die jaar moet bring.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Julle moet daarmee saam ook ’n bok-ram gee om ’n sonde-offer te wees. Julle moet hierdie offers bring saam met die brand-offers wat julle elke dag moet bring en die drank-offers wat julle saam met die brand-offers moet bring.”

Die offers op die Paasfees

16Die Here het vir Moses gesê: “Op die veertiende dag van die eerste maand is dit die Paasfees vir die Here,

17en op die vyftiende dag van dieselfde maand begin die fees van sewe dae wanneer julle ongesuurde brood moet eet.

18Op die eerste dag moet julle bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle mag nie werk op daardie dag nie.

19Julle moet vir die Here ’n vuur-offer gee. Dit is ’n brand-offer van twee bulle, een skaap-ram en sewe jaaroud ram-lammers. Dit moet gesonde diere wees.

20Julle moet ook ’n koring-offer daarby gee. Julle moet van die beste meel gee wat julle met olyf-olie meng. Dit moet wees: drie tiendes van ’n efa meel saam met ’n bul, twee tiendes van ’n efa meel saam met die skaap-ram,

21en een tiende van ’n efa meel saam met elke lam.

22Julle moet ook ’n bok-ram gee om ’n sonde-offer te wees wat versoening kan doen vir julle.

23Julle moet hierdie offers bring saam met die brand-offer wat julle altyd elke oggend moet bring,

24en julle moet dit doen op elke dag van die sewe dae. Dit is ’n ete, ’n vuur-offer wat lekker ruik vir die Here. Julle moet dit offer saam met die brand-offer wat julle elke dag moet bring en die drank-offer wat julle saam met die brand-offer moet bring.

25Op die sewende dag moet julle weer bymekaarkom en julle moet julleself aan die Here wy. Julle mag nie werk op daardie dag nie.”

Die offers op die Fees van die Weke

26Die Here het vir Moses gesê: “Op die dag wanneer julle die Fees van die Weke vier en vir die Here ’n koring-offer gee van die nuwe koring wat julle afgesny het, moet julle bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle mag nie werk op hierdie dag nie.

27Julle moet vir die Here ’n brand-offer gee wat lekker ruik vir Hom. Die brand-offer is: twee bulle, een skaap-ram en sewe jaaroud lammers.

28Julle moet dit gee saam met die koring-offer wat julle saam met die brand-offer moet bring. Die koring-offer moet van die beste meel wees wat julle met olyf-olie moet meng. Die koring-offer is: drie tiendes van ’n efa meel saam met ’n bul, twee tiendes van ’n efa meel saam met ’n skaap-ram

29en een tiende van ’n efa meel vir elke lam.

© Bible Society of South Africa.

30Julle moet ook ’n bok-ram offer om versoening te doen vir julleself.

31Julle moet elke dag ’n brand-offer en ’n koring-offer bring. Saam met hierdie offers moet julle die offers bring om versoening te doen en ook die drank-offers wat julle saam met hierdie offers moet bring. Die diere wat jy offer, moet gesond wees.”

Numeri 29

Die offers op die Nuwejaar-fees

1“Op die eerste dag van die sewende maand moet julle bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle mag nie op daardie dag die werk doen wat julle altyd doen nie.

2Julle moet vir die Here ’n brand-offer bring wat lekker ruik vir Hom. Die brand-offer is: ’n bul, ’n skaap-ram en sewe jaaroud ram-lammers. Dit moet gesonde diere wees.

3Julle moet dit gee saam met die koring-offer wat by elke brand-offer moet wees. Die koring-offer moet van die beste meel wees wat julle moet meng met olyf-olie. Die koring-offer is: drie tiendes van ’n efa meel vir die bul, twee tiendes van ’n efa meel vir die skaap-ram

4en een tiende van ’n efa meel vir elke lam.

5Julle moet ook ’n bok-ram gee om ’n sonde-offer te wees wat versoening kan doen vir julle.

6Julle moet hierdie offers bring saam met die brand-offer op die Nuwemaan-fees en die koring-offer wat julle saam met die brand-offer moet bring. Dit is ook saam met die brand-offer wat julle elke dag moet bring en die koring-offer wat julle saam met die brand-offer moet bring, en saam met die drank-offers wat by al die offers moet wees. Julle moet dit doen soos die Here vir julle gesê het. Die offers ruik lekker vir die Here, dit is ’n vuur-offer vir Hom.”

Die offers op Versoendag

7Die Here het vir Moses gesê: “Op die tiende dag van die sewende maand moet julle bymekaarkom en julle moet julleself aan die Here wy. Julle mag dan nie eet nie en julle mag nie julle werk doen wat julle altyd doen nie.

8Julle moet vir die Here ’n brand-offer gee wat lekker ruik vir Hom. Die brand-offer is: ’n bul, ’n skaap-ram en sewe jaaroud ram-lammers. Dit moet gesonde diere wees.

9Julle moet dit gee saam met die koring-offer wat by die brand-offer moet wees. By die bul moet julle drie tiendes van ’n efa van die beste meel gee wat julle met olyf-olie moet meng, by die skaap-ram twee tiendes van ’n efa meel

10en by elke lam een tiende van ’n efa meel.

11Julle moet ook ’n bok-ram gee om ’n sonde-offer te wees saam met die sonde-offer vir versoening. Julle moet hierdie offers gee saam met die brand-offer wat

© Bible Society of South Africa.

julle altyd moet bring en die koring-offer wat julle saam met die brand-offer moet bring, en saam met die drank-offer wat julle by elke offer moet gee."

Die offers op die Hutte-fees

12Die Here het vir Moses gesê: "Op die vyftiende dag van die sewende maand moet julle bymekaarkom en julle moet julleself wy. Julle mag nie op daardie dag julle werk doen wat julle altyd doen nie. Julle moet hierdie fees sewe dae lank vir die Here vier.

13-34Julle moet elke dag bulle, skaap-ramme en jaaroud ram-lammers gee. Dit moet gesonde diere wees. Dit moet 'n brand-offer wees, 'n vuur-offer wat lekker ruik vir die Here. Saam met die brand-offer moet julle 'n koring-offer gee van die beste meel wat julle met olyf-olie moet meng. Vir elke bul moet julle drie tiendes van 'n efa meel gee, vir elke skaap-ram twee tiendes van 'n efa meel en vir elke lam een tiende van 'n efa meel. Julle moet elke dag ook 'n bok-ram gee om 'n sonde-offer te wees. Julle moet hierdie offers gee saam met die brand-offer wat julle elke dag moet bring en die koring-offer en die drank-offer wat julle saam met die brand-offer moet bring. "Op die eerste dag moet julle 13 bulle, twee skaap-ramme en 14 lammers gee, op die tweede dag twaalf bulle, twee ramme en 14 lammers, op die derde dag elf bulle, twee ramme en 14 lammers, op die vierde dag tien bulle, twee ramme en 14 lammers, op die vyfde dag nege bulle, twee ramme en 14 lammers, op die sesde dag ag bulle, twee ramme en 14 lammers, op die sewende dag sewe bulle, twee ramme en 14 lammers.

35"Op die agste dag moet julle 'n gewyde feesdag hê, julle mag nie op daardie dag julle werk doen wat julle altyd doen nie.

36Julle moet 'n brand-offer gee, dit is 'n vuur-offer wat lekker ruik vir die Here. Die vuur-offer is: 'n bul, 'n skaap-ram, en sewe jaaroud ram-lammers. Dit moet gesonde diere wees.

37Saam met die brand-offer moet julle die koring-offer en die drank-offer gee wat by elke offer moet wees, julle moet dit by elke bul en elke ram en elke lam gee, soos die Here gesê het.

38Julle moet ook 'n bok-ram gee om 'n sonde-offer te wees. Julle moet hierdie offers gee saam met die brand-offer wat julle elke dag moet bring en die koring-offer en die drank-offer wat julle saam met die brand-offer moet bring.

39"Dit is die offers wat julle moet bring vir die Here wanneer julle feesvier. Julle moet die brand-offers, die koring-offers, die drank-offers en die ete-offers gee saam met die gelofte-offers en met die offers wat julle self besluit om te bring."

40Moses het vir die Israeliete alles gesê wat die Here vir hom gesê het.

Numeri 30

Geloftes

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Moses het vir die stamhoofde van die Israeliete gesê: “Dit is wat die Here gesê het:

[2]“Wanneer iemand ’n gelofte aan die Here maak of hy belowe dat hy iets sal doen en hy sê die Here moet die getuie wees, dan mag hy nie sy gelofte breek nie. Hy moet alles doen wat hy belowe het.

[3-4]“Wanneer ’n vrou nog jonk is en sy woon by haar ouers en sy maak ’n gelofte aan die Here, dan moet sy alles doen wat sy belowe het. Sy moet dit ook doen wanneer sy belowe om iets te doen en sy sê die Here moet die getuie wees, en haar pa hoor wat sy belowe het en hy sê niks.

[5]Maar as haar pa hoor wat sy belowe, en hy sê dadelik vir haar sy mag nie doen wat sy belowe het nie, dan moet sy dit nie doen nie. As haar pa so gesê het, dan sal die Here haar vergewe.

[6]“As ’n vrou getroud is en sy het ’n gelofte gemaak, of as sy iets belowe voordat sy goed gedink het,

[7]en haar man hoor dit maar hy sê niks, dan moet sy doen wat sy belowe het.

[8]Maar as haar man hoor wat sy belowe, en dadelik vir haar sê sy mag dit nie doen nie, dan stop hy die gelofte wat sy gemaak het en dan keer hy dat sy doen wat sy belowe het voordat sy goed gedink het. Die Here sal haar vergewe.

[9]“Maar ’n weduwee of ’n geskeide vrou moet doen wat sy belowe het.

[10]“Wanneer ’n getroude vrou ’n gelofte gemaak het of iets belowe het en gesê het die Here is die getuie,

[11]en haar man hoor dit en hy bly stil en hy sê nie sy mag dit nie doen nie, dan moet sy alles doen wat sy belowe het.

[12]Maar as haar man hoor wat sy belowe, en hy stop dadelik die belofte wat sy gemaak het, dan moet sy nie doen wat sy belowe het nie. Haar man het gesê sy moenie dit doen nie, en die Here sal haar vergewe.

[13]Haar man mag elke gelofte wat sy gemaak het en alles wat sy belowe het, so laat bly, of hy mag dit stop.

[14]Maar as haar man hoor wat sy belowe en hy sê niks daaroor voor die volgende dag nie, dan laat hy alles wat sy belowe het, so bly. Hy het niks gesê toe hy dit gehoor het nie, hy het die gelofte so laat bly.

[15]Maar as hy die geloftes breek lank nadat hy daarvan gehoor het, dan is hý skuldig omdat sy vrou nie doen wat sy belowe het nie.”

[16]Dit is wat die Here vir Moses gesê het, dit is die wette vir ’n vrou wat getroud is of wanneer sy nog jonk is en by haar pa woon.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Numeri 31

Die Israeliete maak oorlog teen die Midianiete

1 Die Here het vir Moses gesê:

2 “Die Israeliete moet die Midianiete straf oor wat hulle gedoen het. Daarna sal jy sterf.”

3 Moses het vir die volk gesê: “Party van julle moet gereedmaak om oorlog te maak sodat julle die Midianiete kan aanval en kan straf soos die Here wil hê.

4 Julle moet 1 000 manne van elke stam stuur om oorlog te maak.”

5 Hulle het toe vir 1 000 manne van elke stam gesê om gereed te maak. Daar was 12 000 manne wat gereed was om oorlog te maak.

6 Moses het hulle gestuur om oorlog te gaan maak. Daar was 1 000 manne van elke stam. Pinehas seun van die priester Eleasar het saamgegaan. Hy het die gewyde dinge by hom gehad, en ook die trompette wat hulle moes blaas.

7 Die manne het oorlog gemaak teen die Midianiete, soos die Here vir Moses gesê het. Hulle het al die mans doodgemaak,

8 en ook die konings van Midian saam met die mans. Die vyf konings van Midian was Ewi, Rekem, Sur, Gur en Reba. Die Israeliete het ook vir Bileam seun van Beor doodgesteek.

9 Die Israeliete het die vroue van die Midianiete en hulle kinders gevang en saamgevat. Hulle het ook al hulle diere, al hulle skape en bokke en al hulle goed gevat.

10 Die Israeliete het al die stede waar die Midianiete gewoon het en al hulle kampe verbrand,

11 maar hulle het al die goed en alles wat hulle kon kry, mense en diere, saamgevat.

12 Hulle het die gevangenes en die goed wat hulle gevat het, na Moses en die priester Eleasar en na al die Israeliete toe gebring, hulle het dit gebring na die kamp wat in die Moab-vlakte naby die Jordaan-rivier oorkant die stad Jerigo was.

13 Moses en die priester Eleasar en die leiers van die volk het na die leër buite die kamp gegaan.

14 Moses was kwaad vir die offisiere van die leër. Die offisiere was die leiers van 1 000 manne en die leiers van 100 manne wat teruggekom het van die oorlog.

15 Moses het vir hulle gesê: “Het julle al die vroue laat lewe?

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Dit is die vróúe wat die Israeliete ontrou laat word het aan die Here. Dit was
Bileam wat gesê het die Israeliete moet vir Baäl-Peor dien, en hulle het dit gedoen.
Daarom het baie van die volk van die Here gesterf.

17Kom, julle moet nou elke seun doodmaak en elke vrou wat klaar by ’n man geslaap
het.

18Maar julle mag al die dogters wat nog nie by ’n man geslaap het nie, laat aanhou
lewe, julle mag hulle vir julleself neem.

19Julle moet julle tente buite die kamp opslaan en sewe dae daar bly, elkeen wat
iemand doodgemaak het en elkeen wat aan ’n dooie liggaam geraak het. Julle en
julle gevangenes moet julle reinig op die derde dag en op die sewende dag.

20Julle moet ook al julle klere reinig, en al die goed van vel en bok-haar en hout.”

21Die priester Eleasar het gepraat met die manne wat oorlog gaan maak het. Hy het
vir hulle gesê: “Dit is wat julle altyd moet doen, die Here het vir Moses gesê julle
moet dit doen:

22-23Julle moet alles wat nie kan verbrand nie, in vuur reinig. Dit is die goud,
silwer, brons, tin en lood. Daarna moet julle dit ook reinig met die water wat
mense rein kan maak. Julle moet die dinge wat kan verbrand, met water reinig.

24Julle moet julle klere was op die sewende dag, dan sal julle rein wees. Daarna mag
julle terugkom in die kamp.”

Die goed wat hulle gevat het en die gevangenes

25Die Here het vir Moses gesê:

26“Jy en die priester Aäron en al die familieleiers moet die goed en die persone tel
wat julle gevat en saamgebring het, al die mense en diere.

27Dan moet jy dit in twee dele verdeel. Gee een helfte vir die manne wat oorlog gaan
maak het en een helfte vir die hele volk.

28Jy moet ’n deel neem van alles wat die manne kry wat oorlog gaan maak het, en jy
moet daardie deel vir die Here gee. Die deel wat die Here moet kry, is een uit elke
500 van die persone, beeste, donkies, en skape.

29Jy moet dit neem van die helfte wat hulle kry en jy moet dit vir die priester Eleasar
gee. Dit is ’n offer vir die Here.

30En jy moet ’n deel neem van die helfte wat die Israeliete kry. Jy moet een uit elke
50 neem, jy moet dit neem uit die persone, beeste, donkies, skape en bokke, en
ander diere. Jy moet hulle gee vir die Leviete wat werk by die tempel-tent van die
Here.”

31Moses en die priester Eleasar het gedoen wat die Here vir Moses gesê het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

32 Die goed wat oorgebly het van alles wat die manne gevat het, was: 675 000 skape
en bokke,

33 72 000 beeste,

34 61 000 donkies,

35 en 32 000 vroue wat nog nie by ’n man geslaap het nie.

36 Die deel wat die manne gekry het wat oorlog gaan maak het, was: 337 500 skape
en bokke,

37 en hulle het 675 daarvan vir die Here gegee,

38 36 000 beeste, en hulle het 72 vir die Here gegee,

39 30 500 donkies, en hulle het 61 daarvan vir die Here gegee.

40 Die manne het 16 000 vroue gekry, en hulle het 32 vir die Here gegee.

41 Moses het die deel van die Here vir die priester Eleasar gegee, dit was die offer vir
die Here soos Hy gesê het.

42 Die Israeliete se helfte wat Moses geneem het by die manne wat gaan oorlog maak
het,

43 was: 337 500 skape en bokke,

44 36 000 beeste,

45 30 500 donkies

46 en 16 000 vroue.

47 Moses het een uit elke 50 van die Israeliete se helfte geneem, dit was mense en
diere. Moses het dit vir die Leviete gegee wat by die tempel-tent van die Here werk,
dit was soos die Here vir Moses gesê het.

Die offers van die offisiere

48 Die offisiere van die leër-groepe het na Moses toe gekom. Hulle was die leiers van
1 000 manne en die leiers van 100 manne.

49 Hulle het vir Moses gesê: “Ons het die manne getel wat oorlog gaan maak het, ons
was hulle leiers en ons lewe nog almal.

50 Daarom het ons vir die Here ’n offer gebring van die goed wat ons elkeen gekry
het, dit is goue goed, armringe, armbande, seëlringe, oor-ringe en ander juwele. Ons
bring die offer om vir ons by die Here versoening te doen.”

51 Moses en die priester Eleasar het die goud by die offisiere geneem. Al die goue
goed

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

52het 16 750 sikkels geweeg, die goed wat die leiers van 1 000 manne en die leiers van 100 manne gegee het om ’n offer vir die Here te wees.

53Die manne wat gaan oorlog maak het, het elkeen vir homself goed gevat.

54Moses en die priester Eleasar het die goud by die offisiere geneem en hulle het dit na die tent geneem waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hulle het dit gedoen sodat die Here altyd aan die Israeliete kon dink.

Numeri 32

Die Ruben-stam en die Gad-stam wil grond hê oos van die Jordaan-rivier

1Die Ruben-stam en die Gad-stam het baie diere gehad, dit was groot troppe diere. Hulle het gesien dat die land Jaser en die land Gilead goeie weiveld vir diere het.

2Toe het hulle na Moses en die priester Eleasar en die leiers van die volk toe gegaan en gesê:

3-4“Die Here het die volk Israel gehelp om die land te oorwin waar die stede Atarot, Dibon, Jaser, Nimra, Gesbon, Elale, Sebam, Nebo en Beon is. Dit is ’n land vir diere, en ons het baie diere.

5As julle goed wil wees vir ons, dan moet julle hierdie land vir ons gee, dit moet ons grond wees. Julle moenie vir ons sê dat ons oorkant die Jordaan-rivier moet gaan woon nie.”

6Maar Moses het vir die Gad-stam en die Ruben-stam gesê: “Moet die ander stamme gaan oorlog maak terwyl julle hier bly?

7As julle hier bly, dan sal julle die ander Israeliete bang laat word om na die land te gaan wat die Here vir hulle gegee het.

8Julle doen nou dieselfde wat julle voorvaders gedoen het toe ek hulle uit Kades Barnea gestuur het om te gaan kyk hoe die land lyk.

9Hulle het gegaan tot by die Druiwe-vallei en hulle het gekyk hoe die land lyk, maar hulle het die Israeliete bang laat word om na die land te gaan wat die Here vir hulle gegee het.

10Die Here het daardie dag kwaad geword. Hy het gesê:

11‘So seker soos Ek lewe, die manne wat 20 jaar oud of ouer is en wat uit Egipte gekom het, sal nie die land sien wat Ek belowe het om vir Abraham, Isak en Jakob te gee nie, want hulle het opgehou om in My te glo.

12Kaleb seun van Jefunne, die Kenissiet, en Josua seun van Nun sal in die land ingaan, want hulle het aangehou om in My te glo.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Die Here het kwaad geword vir die Israeliete, Hy het hulle 40 jaar lank in die
woestyn laat rondswerf, totdat die hele geslag gesterf het, die Here het nie van
daardie geslag gehou nie.

14Nou kom julle hier, julle is ’n klomp sondaars soos julle voorvaders, en julle maak
die Here nog meer kwaad vir die Israeliete.

15As julle nie doen wat die Here wil hê nie, dan sal Hy die volk weer in die woestyn
los. Dan sal julle hierdie hele volk laat sterf.”

16Toe kom die mense van die Ruben-stam en die Gad-stam nader na Moses toe en
hulle sê: “Ons wil hier vir ons skape en bokke krale bou, en ons wil stede bou vir ons
kinders en oumense,

17maar ons manne sal gereed wees om oorlog te maak, en ons sal voor die Israeliete
gaan totdat ons hulle by hulle plek gebring het. Maar ons kinders en oumense moet
in stede woon wat sterk mure het om hulle te beskerm teen die mense wat in die
land woon.

18Ons sal eers help dat elke Israeliet sy grond gekry het, dan sal ons terugkom na ons
huise.

19Ons wil nie saam met die Israeliete grond kry anderkant die Jordaan-rivier en
verder nie, want ons wil hierdie grond hê, langs hierdie kant van die Jordaan-rivier,
oos van die rivier.”

20Moses het toe vir hulle gesê: “As dít is wat julle wil doen, dan moet julle
gereedmaak om te gaan oorlog maak. Die Here sal dit sien.

21Die Here moet sien dat elkeen van julle wat wapens het, oor die Jordaan-rivier
gaan. Julle moet saam oorlog maak totdat die Here sy vyande weggejaag het voor
Hom.

22Nadat die Here vir julle en die ander Israeliete gehelp het om die land te oorwin,
kan julle terugkom, want dan het julle gedoen wat julle vir die Here en vir die ander
Israeliete moes doen. Hierdie land sal dan aan julle behoort, die Here gee dit vir julle.

23Maar as julle nie doen wat julle nou belowe nie, dan doen julle sonde teen die
Here, en Hy sal dit weet.

24Julle mag stede bou vir julle kinders en oumense, en krale vir julle skape en bokke,
maar julle moet doen wat julle belowe het.”

25Die mense van die Gad-stam en die Ruben-stam het vir Moses gesê: “Ons sal doen
wat Meneer sê.

26Ons kinders en oumense, ons vroue, ons skape en bokke, al ons diere, sal hier in
die stede van Gilead bly,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

27maar ons self sal oorgaan, elkeen sal sy wapens vir die oorlog saamneem, soos Meneer sê. Die Here sal dit sien."

28Moses het toe vir die priester Eleasar en vir Josua seun van Nun en vir die familiehoofde van die stamme van Israel gesê wat hulle moet doen met die Gad-stam en die Ruben-stam.

29Moses het gesê: "Die manne van die Gad-stam en die Ruben-stam moet saam met julle oor die Jordaan-rivier gaan. Elkeen moet sy wapens vir die oorlog saamneem. Die Here sal dit sien. As julle die land oorwin, dan moet julle die land Gilead vir die manne gee, dit moet hulle land wees.

30Maar as hulle nie hulle wapens neem en saam met julle oor die rivier gaan nie, dan moet hulle saam met julle grond kry in die land Kanaän."

31Die mense van die Gad-stam en die Ruben-stam het geantwoord: "Ons sal doen wat die Here vir ons gesê het.

32Ons sal ons wapens neem en oorgaan na die land Kanaän saam met julle, die Here sal dit sien. Maar die grond wat ons sal kry, moet aan hierdie kant van die Jordaan-rivier wees."

33Moses het toe die grond vir hulle gegee. Hy het vir die Gad-stam en die Ruben-stam en die helfte van die stam van Manasse seun van Josef die lande gegee van Sihon koning van die Amoriete en die lande van Og koning van Basan. Dit was die lande met die stede en die grond rondom die stede.

34Die Gad-stam het die stede Dibon, Atarot en Aroër gebou,

35en ook Atrot-Sofan, Jaser, Jogboha,

36Bet-Nimra en Bet-Garan. Die stede het sterk mure gehad, en daar was krale vir die skape en bokke.

37Die Ruben-stam het die stede Gesbon, Elale en Kirjatajim gebou

38en ook Nebo, Baäl-Meon en Sibma. Hulle het nuwe name gegee vir die stede wat hulle gebou het.

39Die familie van Makir seun van Manasse het na Gilead gegaan en hulle het die land oorwin. Hulle het die Amoriete weggejaag wat daar gewoon het.

40Moses het die land Gilead vir Makir seun van Manasse gegee, en Makir het daar gaan woon.

41Jaïr seun van Manasse het 'n klomp dorpies oorwin en hy het hulle die Jaïr-dorpe genoem.

42Nobag het die stad Kenat oorwin en ook die dorpies daar naby. Hy het die stad Nobag genoem, dit was dieselfde soos sy eie naam.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Numeri 33

Die plekke waar die Israeliete gegaan het

1Hier is ’n lys van die plekke waar die Israeliete elke maal gekom het toe hulle uit Egipte gegaan het. Hulle het in groepe gegaan, en Moses en Aäron het hulle gelei.

2Die Here het gesê Moses moet die name opskryf van die plekke van waar hulle elke maal verder gegaan het, en Moses het dit gedoen. Hier is ’n lys van die plekke:

3Hulle het op die vyftiende dag van die eerste maand van Raämses verder gegaan. Dit was die oggend ná die Paasfees. Die Here het hulle gelei, en al die Egiptenaars het gestaan en kyk toe hulle weggaan.

4Die Egiptenaars was toe besig om hulle oudste seuns te begrawe. Die Here het die oudste seuns laat sterf, en Hy het hulle gode gestraf.

5Die Israeliete het van Raämses verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan by Sukkot.

6Hulle het van Sukkot verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan by Etam, langs die woestyn.

7Van Etam het hulle teruggegaan na Pi-Hagirot, by Baäl-Sefon, en hulle het hulle tente opgeslaan by Migdol.

8Hulle het verder gegaan van Pi-Hagirot, hulle het deur die see na die woestyn van Etam gegaan en ná drie dae het hulle toe hulle tente opgeslaan by Mara.

9Van Mara het hulle verder gegaan en by Elim gekom. Daar was twaalf fonteine en 70 palmbome.

10Hulle het van daar verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan by die Riet-see, en daarna

11in die Sin-woestyn,

12by Dofka,

13by Alus,

14en by Refidim. By Refidim was daar nie water vir die volk om te drink nie.

15Van Refidim het hulle verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan in die Sinai-woestyn,

16toe by Lus-grafte,

17Gaserot,

18Ritma,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19 Rimmon-Peres,

20 Libna,

21 Rissa,

22 Kehelata,

23 Sefer-berg,

24 Garada,

25 Makhelot,

26 Tagat,

27 Terag,

28 Mitka,

29 Gasmona,

30 Moserot,

31 Bene-Jaäkan,

32 Gor-Gidgad,

33 Jotbata,

34 Abrona,

35 Esjon-Geber,

36 en in die Sin-woestyn, by die stad Kades.

37 Hulle het van Kades verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan by Hor-berg, langs die land Edom.

38 Die priester Aäron het teen Hor-berg opgegaan en hy het daar gesterf. Die Here het gesê hy moet daar sterf. Dit was op die eerste dag van die vyfde maand in die veertigste jaar nadat die Israeliete uit Egipte gekom het.

39 Aäron was 123 jaar oud toe hy op Hor-berg gesterf het.

40 Die koning van Arad was ’n Kanaäniet. Hy het gehoor dat die Israeliete in sy land gekom het. Hy het in die Suid-land gewoon, in die land Kanaän.

41 Die Israeliete het van Hor-berg verder gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan by Salmona,

42 toe by Punon,

43 Obot,

© Bible Society of South Africa.

44 Ije-Abarim in die land Moab,

45 Dibon-Gad,

46 Almon-Diblatajim,

47 die Abarim-berge by Nebo,

48 en in die Moab-vlakte naby die Jordaan-rivier, oorkant die stad Jerigo.

49 Hulle het hulle tente opgeslaan naby die Jordaan-rivier, van die stad Bet-Jesimot tot by Abel-Sittim in die Moab-vlakte.

Die Israeliete moet die mense wegjaag wat in die land woon

50 Die Here het met Moses gepraat in die Moab-vlakte, by die Jordaan-rivier oorkant die stad Jerigo. Die Here het vir Moses gesê:

51 "Jy moet met die Israeliete praat en vir hulle sê: Wanneer julle oor die Jordaan-rivier gaan na die land Kanaän,

52 dan moet julle al die mense wegjaag wat in die land woon. Julle moet hulle beelde stukkend slaan, die klip-beelde en die metaal-beelde, en julle moet hulle offer-plekke verwoes.

53 Dan moet julle die land vir julle vat en julle moet daar gaan woon, want Ek het die land vir julle gegee, julle moet dit kry.

54 Julle moet lootjies trek en julle moet die land verdeel tussen julle families. Julle moet vir 'n groot familie 'n groot stuk grond gee en vir 'n kleiner familie 'n kleiner stuk grond. Elke persoon moet die grond kry wat die lootjie sê. Elke stam moet sy eie grond hê.

55 En as julle nie die mense wegjaag wat in die land woon nie, dan sal daardie mense wat julle laat oorbly, vir julle wees soos dorings in julle oë en soos skerp penne in julle heupe. Hulle sal julle laat swaarkry in die land waar julle woon.

56 En dan sal Ek die slegte dinge aan júlle doen wat Ek aan hulle wou doen."

Numeri 34

Die grense van die land

1 Die Here het vir Moses gesê:

2 "Jy moet vir die Israeliete sê: Julle sal die land Kanaän kry, die hele land tot by sy grense. "Wanneer julle in die land gekom het,

3 dan moet die grense só wees: Die suidelike grens moet wees van die Sin-woestyn tot teen die land Edom. Die suidgrens moet begin langs die oostelike strand van die Sout-see,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4en dan moet die grens draai suid van Skerpioen-pas en verder gaan tot by Sin. Dan moet die grens suid van Kades-Barnea verbygaan tot by Gasar-Addar en verder tot by Asmon.

5Daar draai die grens en dit gaan na Egipte-spruit en tot teen die see.

6“Die wesgrens moet die Groot See wees.

7“Die noordgrens moet by die Groot See begin en met ’n reguit lyn gaan tot by Horberg

8en van daar met ’n reguit lyn tot by Lebo-Hamat. Verder moet die grens gaan tot by Sedad,

9en dan verby Sifron tot by Gasar-Enan. Dit moet julle noordgrens wees.

10“Die oosgrens moet van Gasar-Enan met ’n reguit lyn gaan tot by Sefam,

11dan tot by Ribla, oos van Ajin, en verder langs die strand oos van die see van Gennesaret,

12en teen die Jordaan-rivier tot by die Sout-see. “Dit moet die grense van die land wees.”

13Moses het vir die Israeliete gesê: “Dit is die land wat julle moet verdeel tussen nege en ’n halwe stamme, soos die Here gesê het.

14Want die families van die Ruben-stam en die Gad-stam en die een helfte van die Manasse-stam het klaar hulle grond gekry.

15“Die twee en ’n halwe stamme het hulle grond gekry oos van die Jordaan-rivier, oorkant die stad Jerigo.”

Die manne wat die land moet verdeel

16Die Here het vir Moses gesê:

17“Die manne wat die land moet verdeel, is die priester Eleasar en Josua seun van Nun,

18en saam met hulle moet julle een leier neem uit elke stam, hulle moet die land verdeel.

19Die leiers is: “Kaleb seun van Jefunne vir die Juda-stam,

20Samuel seun van Ammihud vir Simeon,

21Elidad seun van Kislon vir Benjamin,

22Bukki seun van Jogli vir Dan,

23vir die Josef-stamme Ganiël seun van Efod vir Manasse,

24en Kemuel seun van Siftan vir Efraim,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Elisafan seun van Parnak vir Sebulon,

26Paltiël seun van Assan vir Issaskar,

27Agihud seun van Selomi vir Aser,

28en Pedael seun van Ammihud vir Naftali."

29Die Here het hierdie manne gekies om die land Kanaän te verdeel vir die Israeliete.

Numeri 35

Die Leviete moet stede kry

1Die Here het met Moses gepraat in die Moab-vlakte by die Jordaan-rivier oorkant Jerigo. Die Here het gesê:

2"Jy moet vir die Israeliete sê hulle moet vir die Leviete stede gee om in te woon in die land wat hulle kry. Hulle moet ook vir die Leviete weiveld rondom die stede gee.

3Die Leviete moet in die stede woon en daar moet weiveld wees vir al hulle diere.

4Die weiveld by die stede wat julle vir die Leviete gee, moet rondom die stede wees, dit moet 1 000 el weg van die muur van die stad wees.

5Julle moet van die buitekant van die stadsmuur 2 000 el na elke kant meet, en die stad moet in die middel wees. Dit is die weiveld by die stede wat die Leviete moet kry.

6Ses van die stede wat julle vir die Leviete gee, moet asielstede wees. Iemand kan daarnatoe vlug wanneer hy iemand anders doodgemaak het. Saam met hierdie stede moet julle nog 42 ander stede vir hulle gee.

7Julle moet vir die Leviete altesaam 48 stede gee saam met hulle weivelde.

8'n Groot stam moet meer stede vir die Leviete gee en 'n kleiner stam moet minder stede vir hulle gee."

Die asielstede

9Die Here het vir Moses gesê:

10"Jy moet met die Israeliete praat en vir hulle sê: Wanneer julle oor die Jordaan-rivier gaan na die land Kanaän,

11dan moet julle stede kies wat vir julle asielstede kan wees. Iemand kan daarnatoe vlug wanneer hy 'n ander mens per ongeluk doodgemaak het.

12Die stede moet asielstede wees vir julle. Die naaste familielid van die persoon wat gesterf het, mag nie in die asielstad die moordenaar doodmaak wat een van sy familie doodgemaak het nie. Die volksvergadering moet eers oor hom oordeel.

13Julle moet ses stede gee wat asielstede kan wees vir julle.

© Bible Society of South Africa.

14Julle moet drie stede oorkant die Jordaan-rivier en drie stede in die land Kanaän
gee om asielstede te wees.

15Daardie ses stede moet asielstede wees vir die Israeliete en vir die vreemdelinge
en ander mense by hulle wat nie Israeliete is nie. Elkeen wat iemand doodmaak maar
wat dit per ongeluk gedoen het, moet daarnatoe kan vlug.

16“Maar as hy iemand met ’n stuk yster doodgeslaan het, dan is hy ’n moordenaar,
en ’n moordenaar moet sterf, dit is seker.

17En as hy iemand met ’n gevaarlike klip geslaan het, en die persoon sterf, dan is hy
’n moordenaar, en ’n moordenaar moet sterf, dit is seker.

18Of as hy iemand met ’n gevaarlike stuk hout geslaan het, en die persoon sterf, dan
is hy ’n moordenaar, en ’n moordenaar moet sterf, dit is seker.

19“Die persoon wat die moordenaar moet doodmaak, is die naaste familielid van die
persoon wat dood is. Hy moet hom doodmaak waar hy hom kry.

20“En ook wanneer iemand ’n ander persoon haat en hy stamp hom of hy wag vir
hom en gooi hom dood met iets,

21of wanneer iemand ’n vyand is van iemand anders en hy slaan die persoon dood,
dan moet die persoon wat hom doodgeslaan het, ook sterf, dit is seker. Hy is ’n
moordenaar, en die naaste familielid van die persoon wat gesterf het, moet die
moordenaar doodmaak waar hy hom kry.

22“Maar iemand is miskien nie ’n vyand van iemand anders nie, en hy stamp hom
skielik of hy gooi hom per ongeluk raak met iets.

23Of hy gooi ’n gevaarlike klip, hy sien nie waarnatoe die klip gaan nie, en hy gooi
iemand raak wat nie sy vyand is nie, iemand wat hy nie wil seermaak nie. As daardie
persoon sterf,

24dan moet die volksvergadering oordeel tussen die persoon wat die ander een
doodgemaak het en die familielid van die persoon wat dood is.

25Die volksvergadering moet die persoon wat die ander een doodgemaak het, red
van die familielid van die persoon wat dood is. Die vergadering moet hom terugstuur
na die asielstad waarnatoe hy gevlug het, en hy moet daar bly totdat die hoëpriester
gesterf het wat met die gewyde olyf-olie gesalf is.

26“Maar as die persoon wat die ander een doodgemaak het, buite die grens gaan van
die asielstad waarnatoe hy gevlug het,

27en die familielid van die persoon wat dood is, kry hom en hy maak hom dood, dan
is die familielid nie skuldig omdat hy hom doodgemaak het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Wanneer die persoon wat die ander persoon doodgemaak het, in die asielstad bly totdat die hoëpriester dood is, dan mag hy daarna teruggaan na sy grond.

29Dit is wat julle en julle nageslag moet doen oral waar julle woon.

30"Wanneer iemand 'n ander mens doodmaak, en getuies sê hulle het dit gesien, dan moet die moordenaar sterf. Maar wanneer daar net een getuie is, dan mag die moordenaar nie sterf nie.

31Julle moenie geld neem van iemand omdat hy wil hê jy moet sê 'n moordenaar moenie sterf nie, want 'n moordenaar móét sterf, dit is seker.

32Julle moet ook nie geld neem omdat 'n persoon wat na 'n asielstad gevlug het, wil hê jy moet sê hy mag teruggaan om op sy grond te woon nie. Hy moet in die asielstad bly totdat die hoëpriester gesterf het.

33Julle moenie die land ontwy waar julle woon nie, want moord ontwy 'n land. Niemand kan versoening doen vir die land waar iemand vermoor is nie. Die moordenaar moet ook sterf, net dít sal vir die land versoening doen.

34Julle moenie die land waar julle woon, onrein laat word nie. Dit is die land waar Ek self ook woon, want Ek woon tussen die Israeliete."

Numeri 36

Die dogters van Selofgad moet met familie trou

1Gilead was die seun van Makir seun van Manasse, hulle was uit die nageslag van Josef. Die familiehoofde van die families uit die nageslag van Gilead het kom praat met Moses en die familiehoofde van die Israeliete.

2Hulle het gesê: "Die Here het vir Meneer gesê jy moet lootjies trek en die land verdeel tussen die Israeliete. Die Here het ook vir Meneer gesê jy moet ons broer Selofgad se grond vir sy dogters gee.

3Maar wanneer hulle nou trou met mans van ander stamme van Israel, dan neem hulle die grond weg van die grond van ons voorvaders en dan sit hulle dit by die grond van die stamme met wie se mans hulle trou. En dan is daardie grond nie meer by die grond wat ons gekry het nie.

4En wanneer dit Hersteljaar word vir die Israeliete, dan sal hulle grond gaan na die grond van die stamme met wie se mans hulle getrou het, en hulle grond sal nie meer by die grond wees wat ons voorvader se stam gekry het nie."

5Die Here het vir Moses gesê wat hy moet doen, en Moses het vir die Israeliete gesê:

6"Dit is wat die Here oor Selofgad se dogters gesê het: Hulle mag trou met wie hulle wil, maar hulle moet net trou met iemand in die families van die stam van hulle voorvaders.

© Bible Society of South Africa.

7Dan sal die Israeliete se grond nie gaan van een stam na ’n ander stam nie, want elke Israeliet sal die grond hou van die stam van sy voorvader.

8Elke dogter wat grond kry van een van die stamme van Israel, moet trou met iemand in ’n familie van die stam van haar voorvader, sodat elke Israeliet grond sal hê van die stam van sy voorvader.

9Grond moenie van een stam na ’n ander stam gaan nie, want elke stam van Israel moet sy grond hou.”

10Die dogters van Selofgad het gedoen wat die Here vir Moses gesê het.

11Magla, Tirsa, Gogla, Milka en Noa, die dogters van Selofgad, het met hulle neefs getrou.

12Hulle het getrou met manne van die nageslag van Manasse seun van Josef, en hulle grond het gebly by die grond van die families van die nageslag van hulle voorvader.

13Dit is die dinge wat die Here gesê het en wat Hy besluit het. Hy het vir Moses gesê om dit vir die Israeliete te sê in die Moab-vlakte, by die Jordaan-rivier oorkant die stad Jerigo.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Deuteronomium

Deuteronomium 1

In hierdie boek is die dinge geskryf wat Moses gesê het

1 Moses het gepraat met die hele volk Israel. Dit was in die woestyn, oorkant die
Jordaan-rivier, in die Jordaan-vallei, oorkant die stad Suf. Die stad Paran was langs
die een kant, en die stede Tofel, Laban, Gaserot en Di-Sahab was langs die ander
kant. Die dinge wat Moses gesê het, is in hierdie boek geskryf.

2 ’n Mens loop elf dae lank op die pad van Horeb-berg na die Seïr-berge, en dan kom
jy by die stad Kades-Barnea.

3 Moses het vir die Israeliete alles gesê wat die Here gesê het hy moet vir hulle sê. Dit
was in die 40ste jaar nadat hulle uit Egipte gekom het, op die eerste dag van die
elfde maand.

4 Dit was nadat Moses vir koning Sihon van die Amoriete en vir koning Og van Basan
oorwin het. Sihon het in die stad Gesbon gewoon en Og het in die stad Astarot
gewoon.

5 Moses het oorkant die Jordaan-rivier, in die land Moab, begin om vir die Israeliete
te verduidelik wat die Here wil hê.

Die Here het gesê die Israeliete moet die land vat

6 Moses het vir hulle gesê: “Ons God die Here het self by Horeb-berg vir ons gesê:
Julle het lank genoeg by hierdie berg gebly.

7 Julle moet nou weggaan. Julle moet verder gaan na die Bergland van die Amoriete
en na die ander lande daar naby, na die Jordaan-vallei, die Bergland, die Laeveld, die
Suid-land en die Seekus, die land van die Kanaäniete en die Libanon-berg. Julle moet
gaan tot by die groot rivier, die Eufraat-rivier.

8 Ek gee nou die land vir julle, gaan vat dit vir julle. Die Here het vir julle voorvaders
Abraham, Isak en Jakob belowe dat Hy die land vir hulle en hulle nageslag sal gee.”

Moses het leiers gekies en aangestel

9 Moses het vir hulle gesê: “Ek het in daardie tyd vir julle gesê dat ek alleen nie julle
leier kan wees nie.

10 Julle God die Here het julle ’n groot volk gemaak, julle is nou so baie soos die sterre
in die lug.

11 Ek bid dat die Here, die God van julle voorvaders, julle nog meer sal maak, 1 000
maal meer, en dat Hy julle sal seën soos Hy belowe het.

12 Maar ek alleen kan nie oordeel wanneer julle probleme het en twis nie.

© Bible Society of South Africa.

13Julle moet ’n paar wyse en verstandige manne kies uit elke stam, manne wat sal
weet wat om te doen. Dan sal ek hulle aanstel om julle leiers te wees.

14“Julle het vir my gesê: ‘Dit is goed, ons sal doen wat jy gesê het.’

15“Julle stamhoofde was wyse manne wat geweet het wat om te doen. Ek het hulle
aangestel om julle leiers te wees. Party moes leiers wees van 1 000 mense, party was
leiers van 100 mense en party was leiers van tien mense. Party moes voormanne
wees in die stamme.”

Die regters

16“Ek het in daardie tyd vir julle regters gesê: ‘Julle moet goed luister na wat almal
sê en julle moet reg oordeel wanneer party Israeliete mekaar beskuldig of wanneer
’n Israeliet en ’n vreemdeling mekaar beskuldig.

17Julle moenie téén party mense wees en vír ander mense wees nie, julle moet
luister na belangrike én na onbelangrike mense. Julle moet vir niemand bang wees
nie, want dit is God wat sal sê hoe julle moet oordeel. En as iets te moeilik is vir julle,
dan moet julle dit vir my kom sê, dan sal ek luister na wat die mense sê.’

18“Ek het toe vir julle gesê wat julle alles moet doen.”

Die Israeliete was opstandig teen die Here

19“Ons het weggegaan van Horeb-berg en ons het deur daardie groot woestyn
gegaan, julle weet hoe bang ons daar was. Ons het op die pad geloop na die Bergland
van die Amoriete en ons het by die stad Kades-Barnea gekom.

20Ek het toe vir julle gesê: ‘Julle het gekom by die Bergland van die Amoriete, die
land wat julle God die Here vir julle gee.

21Julle God die Here gee hierdie land vir julle, gaan vat dit vir julle. Die Here, die God
van julle voorvaders, het gesê julle moet dit doen. Julle moenie bang wees nie.’

22“Maar toe het julle almal na my toe gekom en gesê: ‘Kom ons stuur eers manne
wat oral in die land kan gaan kyk en wat vir ons kan kom sê op watter pad ons moet
gaan en hoe die stede is waar ons sal kom.’

23“Ek het gedink dit is goed en ek het twaalf manne gekies, een man uit elke stam.

24Die manne het weggegaan en hulle het deur die Bergland gegaan. Hulle het tot by
die Druiwe-vallei gegaan en hulle het gekyk hoe die land is.

25Hulle het van die vrugte van die land saamgebring en vir ons kom sê: ‘Dit is ’n goeie
land wat ons God die Here vir ons gee.’

26“Maar julle wou nie gaan nie, julle was opstandig teen julle God die Here.

27Julle het in julle tente gesit en kla. Julle het gesê: ‘Die Here haat ons, daarom het
Hy ons uit die land Egipte gebring om ons vir die Amoriete te gee sodat hulle ons kan
doodmaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Ons kan nie nou in die land ingaan nie. Die manne wat gaan kyk het hoe die land is, het ons moedeloos laat word, want hulle het gesê daardie mense is groter en sterker as ons, en die sterk mure van hulle stede is so hoog soos die hemel. Hulle het daar ook Enak-mense gesien.'

29"Ek het vir julle gesê: 'Nee, julle moenie skrik vir hierdie mense nie, julle moenie bang wees nie.

30Julle God die Here loop voor julle, Hý sal julle help en Hy sal die oorlog vir julle veg, julle het gesien hoe Hy dit gedoen het in die land Egipte

31en in die woestyn. Kan julle onthou hoe julle God die Here vir julle gedra het? Hy het julle gedra soos 'n man sy kind dra. Die Here het dit gedoen op die hele pad waarop julle geloop het, tot hier.'

32"Ek het dit vir julle gesê, maar julle het nog nie geglo dat die Here julle sal lei nie,

33die Here wat vir julle op die pad gelei het en wat gekyk het waar julle die tente kan opslaan, die Here wat vir julle gewys het waar die pad is. In die nag het Hy dit met 'n vuur gewys en in die dag met 'n wolk.

34Toe die Here hoor wat julle sê, het Hy kwaad geword. Hy het gesê:

35'Nie een van hierdie manne sal die goeie land sien wat Ek vir hulle voorvaders belowe het nie, niemand van hierdie slegte geslag nie. Dit is seker, so seker soos Ek lewe.

36Net Kaleb seun van Jefunne sal die land sien. Ek sal vir hom en sy kinders die land gee waar hy geloop het, want hy het aangehou om in die Here te glo.'

37"Die Here het vir my ook kwaad geword oor julle. Hy het vir my gesê: 'Jy sal ook nie in die land kom nie.

38Josua seun van Nun, die man wat vir jou werk, hý sal in die land kom. Jy moet hom sterk maak en vir hom leer om die werk te kan doen wat hy moet doen, want hy sal die Israeliete lei om die land vir hulleself te vat.

39Julle kinders sal ook in die land ingaan. Julle het gesê die Amoriete sal julle kinders vang en wegvat, maar julle kinders sal in die land ingaan, julle kinders wat nou nie weet wat reg is en wat verkeerd is nie. Ek sal die land vir hulle gee, en hulle sal dit vir hulleself vat.

40Maar julle, julle moet weggaan en na die woestyn gaan op die pad na die Riet-see.'

41"Julle het toe vir my gesê: 'Ons het verkeerd gedoen teen die Here, ons sal self oorlog gaan maak, ons sal doen wat die Here vir ons gesê het.' "En toe het julle al julle wapens geneem, julle het gedink julle sal maklik in die Bergland kan ingaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

42Maar die Here het vir my gesê: ‘Jy moet vir hulle sê: Julle moenie oorlog gaan maak
nie, want Ek sal nie by julle wees nie, en julle sal verloor teen julle vyande.’

43“Ek het dit vir julle gesê, maar julle het nie geluister nie. Julle was opstandig teen
die Here, julle was hoogmoedig en julle het in die Bergland ingegaan.

44En toe het die Amoriete wat in daardie Bergland woon, gekom en hulle het vir julle
aangeval. Hulle het julle gevolg en gejaag soos ’n swerm bye van die land Seïr tot by
die stad Gorma.

45Julle het teruggekom en by die Here gekla en gehuil. Maar Hy het nie na julle
geluister nie.

46Julle het toe lank by die stad Kades gebly, so lank soos voorheen.”

Deuteronomium 2

Die Here het gesê die Israeliete moenie die Edomiete aanval nie

1Moses het gesê: “Ons het weggegaan na die woestyn, soos die Here vir my gesê het.
Ons het eers op die pad na die Riet-see geloop en toe het ons baie lank geloop
rondom die Seïr-berge.

2Die Here het eendag vir my gesê:

3‘Julle het nou lank genoeg om hierdie berge geloop, julle moet nou draai en noord
gaan.

4Jy moet vir die volk sê: Julle gaan nou deur die land van mense wat familie is van
julle, die nageslag van Esau. Hulle woon in die land Seïr. Hulle is bang vir julle. Julle
moet baie versigtig wees,

5julle moenie teen hulle oorlog maak nie, want Ek sal nie vir julle van hulle grond gee
nie, niks nie. Ek het die Seïr-berge vir Esau gegee.

6Julle moet die kos wat julle eet, by hulle koop, en ook die water wat julle sal drink.’

7“Julle God die Here het dit goed laat gaan met alles wat julle gedoen het, Hy het vir
julle gesorg in hierdie groot woestyn. Julle God die Here was altyd by julle hierdie 40
jaar, julle het genoeg gehad van alles.

8“Ons het toe verby ons familie gegaan, verby die nageslag van Esau wat in die land
Seïr woon. Ons het by die stad Elat, dit is Esjon-Geber, gekom. Toe het ons op die
pad deur die Jordaan-vallei gegaan, en ons het deur die woestyn geloop na die land
Moab.”

Die Here het gesê die Israeliete moenie die Moabiete aanval nie

9“Maar die Here het vir my gesê: ‘Julle moenie die mense van Moab aanval nie, julle
moenie oorlog maak teen hulle nie, want Ek sal nie ’n stuk van hulle land vir julle gee
nie. Ek het die land Ar vir die nageslag van Lot gegee.’ ”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die mense wat voorheen in die lande van die Moabiete en Edomiete gewoon het

10“Die Emiete het voorheen in die land Moab gewoon. Hulle was ’n groot en sterk
volk en hulle was so lank soos die Enak-mense.

11Hulle was ook Refaïete soos die Enak-mense, maar die Moabiete het hulle Emiete
genoem.

12Die Goriete het voorheen in die land Seïr gewoon, maar die nageslag van Esau het
hulle oorwin en doodgemaak en het in hulle plek gaan woon. Die Israeliete het
dieselfde gedoen met hulle vyande in die land wat die Here vir hulle gegee het.”

Die Here sê die Israeliete moet deur die Sered-vallei gaan

13“Die Here het gesê: ‘Nou moet julle deur die Sered-vallei gaan.’ “Ons het deur die
Sered-vallei gegaan.

14Dit was 38 jaar nadat ons weggegaan het van die stad Kades-Barnea. Een
hele geslag van manne wat daardie tyd oorlog kon maak, was toe al dood. Dit het
gebeur soos die Here vir hulle gesê het.

15Die Here was nou ook hulle vyand, Hy het hulle almal laat sterf.”

Die Here het gesê die Israeliete moenie die Ammoniete aanval nie

16“En toe al die manne wat daardie tyd oorlog kon maak, gesterf het,

17het die Here vir my gesê:

18‘Wanneer julle vandag deur die land Moab, die land Ar, gaan,

19dan sal julle naby die Ammoniete kom. Maar julle moenie vir hulle aanval en oorlog
maak teen hulle nie, want Ek sal nie vir julle ’n stuk van die land van die Ammoniete
gee nie, Ek het dit vir die nageslag van Lot gegee.’ ”

Die mense wat voorheen in die lande van die Ammoniete, die Edomiete en die Filistyne gewoon het

20“Almal weet dat die land van die Ammoniete ook die Refaïete se land was, want
die Refaïete het voorheen daar gewoon. Die Ammoniete het hulle Samsummiete
genoem.

21Die Refaïete was ’n groot en sterk volk en hulle was so lank soos die Enak-mense,
maar die Here het hulle laat sterf, en die Ammoniete het die land gevat en daar gaan
woon.

22Die Here het dieselfde gedoen vir die nageslag van Esau. Hy het die Goriete laat
sterf, en die Edomiete het toe die land gevat en daar gaan woon. Hulle woon nou
nog daar.

23Dieselfde het gebeur met die Awwiete wat voorheen in klein dorpies gewoon het
naby die stad Gasa. Die Kaftor-mense het van die eiland Kaftor gekom. Hulle het die
Awwiete doodgemaak en in hulle plek gaan woon.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die Here het gesê die Israeliete moet deur die Arnon-vallei gaan

24“Die Here het gesê: ‘Julle moet gereedmaak en verder gaan. Gaan deur die Arnon-
vallei. Onthou, Ek het Sihon, koning van die Amoriete in die stad Gesbon, en sy land
vir julle gegee. Julle moet begin oorlog maak teen hom en julle moet sy land vat.

25Ek begin vandag om al die volke in die wêreld bang te laat word vir julle. Wanneer
hulle hoor van julle, dan sal hulle skrik en bewe.’ ”

Die Israeliete het vir koning Sihon oorwin en sy land gevat

26“Ek het boodskappers uit die Kedemot-woestyn gestuur na koning Sihon toe in
Gesbon, ek wou vrede maak met hom.

27Ek het gesê: ‘Ons wil deur jou land gaan. Ons sal op die pad bly, ons sal nie regs of
links draai nie.

28-29Jy kan kos en water aan ons verkoop om te eet en te drink. Jy moet net sê dat
ons deur jou land mag loop totdat ons deur die Jordaan-rivier kan gaan na die land
wat ons God die Here vir ons gee. Die nageslag van Esau wat in die land Seïr woon en
die Moabiete wat in die land Ar woon, het gesê ons mag deur hulle lande loop.’

30“Maar koning Sihon van Gesbon het gesê ons mag nie deur sy land gaan nie, want
julle God die Here het hom hardkoppig gemaak. Die Here wou julle laat wen teen
Sihon, en julle woon nou nog in sy land.

31Die Here het vir my gesê: ‘Onthou, Ek begin nou om Sihon en sy land vir julle te
gee. Julle moet nou sy land vir julleself vat.’

32“Sihon en al sy manne het gekom om ons aan te val. Die oorlog was by die stad
Jahas.

33Ons God die Here het ons laat wen teen Sihon. Ons het hom en sy seun en al sy
mense oorwin.

34Ons het toe al sy stede gevat en ons het almal in elke stad doodgemaak, al die
mans, vroue en kinders. Ons het niemand vry laat wegkom nie.

35Ons het net die beeste vir onsself gevat en ook al die goed in die stede waar ons
die mense oorwin het.

36Daar was nie ’n stad wat te sterk was vir ons nie. Ons God die Here het alles vir ons
gegee, van die stad Aroër op die kant van die Arnon-vallei en die stad in die vallei, tot
by die land Gilead.

37Maar julle het nie naby die Ammoniete se land gekom nie, dit is die hele kant van
die Jabbok-vallei en die stede in die berge, alles wat die Here gesê het.”

Deuteronomium 3

Die Israeliete het vir koning Og oorwin en sy land gevat

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

1Moses het gesê: “Ons het verder gegaan, ons het op die pad na die land Basan
gegaan. Koning Og van Basan en al sy manne het ons kom aanval. Die oorlog was by
die stad Edreï.

2Die Here het vir my gesê: ‘Jy moenie bang wees vir koning Og nie, want Ek sal jou
laat wen teen hom en al sy mense. Jy moet sy land vat, soos jy ook gedoen het met
koning Sihon van die Amoriete wat in Gesbon gewoon het.’

3“Ons God die Here het ons laat wen teen koning Og van Basan en al sy mense. Ons
het hulle oorwin en nie een van hulle het aangehou lewe nie.

4Ons het toe ál sy stede gevat, daar was nie één stad wat ons nie gevat het nie. Dit
was 60 stede, die hele land Argob waaroor koning Og van Basan regeer het.

5Al daardie stede het sterk en hoë mure gehad, en daar was sterk deure
en sluitbalke in die poorte. Ons het ook baie dorpies gevat.

6Ons het al die mense in die stede en dorpies doodgemaak, al die mans, vroue en
kinders, soos ons ook gedoen het met die mense van koning Sihon van Gesbon.

7Maar ons het die beeste en die goed in die stede vir onsself gevat.”

Moses het vir party stamme grond gegee oos van die Jordaan-rivier

8“So het ons daardie tyd die land gevat van die twee Amoriete-konings anderkant die
Jordaan-rivier, van die Arnon-vallei tot by Hermon-berg.

9Die Sidoniërs noem Hermon-berg ‘Sirjon-berg,’ en die Amoriete noem dit ‘Senir-
berg.’

10Ons het al die stede gevat wat op die Hoëveld was, en die hele land Gilead en die
hele land Basan, tot by die stede Salka en Edreï. Dit was twee stede in die land Basan
van koning Og.

11Koning Og van Basan was die enigste Refaïet wat nog gelewe het. ’n Mens kan sy
bed nog sien in die stad Rabba van die Ammoniete. Dit is ’n ysterbed, dit is nege el
lank en vier el breed.

12“Ek het ’n stuk van die land wat ons in daardie tyd gevat het, vir die Ruben-stam en
die Gad-stam gegee. Dit was die stuk land tussen die stad Aroër langs die Arnon-
vallei tot by die helfte van die Gilead-berge en die stede daarin.

13Die ander helfte van die Gilead-berge en die hele land Basan het ek gegee vir die
halwe Manasse-stam. Basan was voorheen die land van Og. Dit was die hele land
Argob, die hele stuk land van Basan wat hulle altyd Refaïete-land genoem het.

14Jaïr seun van Manasse het die hele land Argob gevat tot by die grens van die lande
Gesur en Maäka. Hy het die naam van die land Basan verander, hy het sy eie naam
vir die land gegee, en hy het dit die Jaïr-kampe genoem. Dit is nou nog die naam.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Ek het die land Gilead vir Makir gegee,

16en vir die Ruben-stam en die Gad-stam het ek die stuk land gegee van Gilead tot langs die middel van die Arnon-vallei, en ook die stuk land tot langs die Jabbok-vallei. Dit is die grens van die Ammoniete se land.

17Ek het ook die Jordaan-vallei vir hulle gegee, die Jordaan-rivier en die grond langs die rivier. Dit was van die Gennesaret-meer tot by die see in die Jordaan-vallei, die Sout-see. Dit was onderkant die Pisga-berg langs die oostekant.

18Ek het daardie tyd vir die mense van die Ruben-stam, die Gad-stam en die halwe Manasse-stam gesê: ‘Julle God die Here het hierdie land vir julle gegee om daar te gaan woon, maar al julle manne wat oorlog kan maak, moet deur die Jordaan-rivier gaan voor die ander Israeliete.

19Net julle vroue en kinders en diere mag hier in die stede bly wat ek vir julle gegee het, ek weet dat julle baie diere het.

20Julle manne moet saam gaan veg totdat die Here ook die ander Israeliete laat wen het teen al hulle vyande. Dan kan hulle die land vat wat julle God die Here vir hulle gee, dit is die land wes van die Jordaan-rivier. Daarna kan julle terugkom na die grond wat ek vir julle gegee het, elkeen kan na sy eie grond kom.’

21“En ek het toe vir Josua gesê: ‘Jy het nou self alles gesien wat die Here gedoen het met daardie twee konings. Jy gaan nou deur die Jordaan-rivier na ander konings toe. Die Here sal dieselfde doen met daardie konings.

22Julle moenie bang wees vir hulle nie, want julle God die Here self sal oorlog maak vir julle, Hy sal julle help.’ ”

Die Here het gesê Moses mag nie deur die Jordaan-rivier gaan nie

23“Ek het daardie tyd vir die Here gesoebat en gevra:

24‘Here, my Here, U het begin om my te laat sien hoe groot en sterk U is. Daar is nie ’n ander God in die hemel of op die aarde wat die groot dinge kan doen wat U doen nie.

25U moet my asseblief ook deur die Jordaan-rivier laat gaan sodat ek die goeie land anderkant die Jordaan-rivier kan sien, hierdie mooi bergland en die Libanon-berg.’

26“Maar omdat die Here kwaad geword het vir julle, was Hy ook kwaad vir my. Hy het nie vir my gegee wat ek gevra het nie. Hy het vir my gesê: ‘Dit is nou genoeg, jy moenie weer met My hieroor praat nie.

27Jy mag op Pisga-berg gaan staan en jy mag kyk na die weste en die noorde en die suide en die ooste, maar jy sal nie deur hierdie Jordaan-rivier gaan nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Jy moet vir Josua sê wat hy moet doen en jy moet hom dapper maak, want dit is hý wat voor die volk deur die Jordaan-rivier sal gaan, hý sal hierdie land vir julle gee om in te woon, hierdie land wat jy sien.'

29"Ons het toe daar in die vallei oorkant die stad Bet-Peor gebly."

Deuteronomium 4

Moses sê vir die Israeliete hulle moet gehoorsaam wees aan die Here

1Moses het gesê: "Israeliete, julle moet nou gehoorsaam wees aan die dinge wat ek vir julle leer. As julle dit doen, dan sal julle aanhou lewe. Julle sal kom en die land vat wat die Here, die God van julle voorvaders, vir julle gee.

2Julle moet doen wat die wette van julle God die Here sê, die wette wat ek vir julle gee. Julle moet niks bysit by die dinge wat ek vir julle leer nie, en julle moet niks daarvan wegneem nie.

3Julle het self gesien wat die Here gedoen het by die stad Baäl-Peor. Julle God die Here het daar almal laat sterf wat die afgod Baäl-Peor gedien het.

4Maar julle wat aangehou het om julle God die Here te dien, julle lewe almal vandag nog.

5Luister, ek leer vir julle die wette wat my God die Here vir my gesê het. Dit is die dinge wat julle moet doen in die land waarnatoe julle gaan om dit vir julleself te vat.

6Julle moet aanhou om te doen wat hierdie wette sê, want dit sal vir al die volke wys dat julle wysheid het en verstandig is. Wanneer hulle hoor van al hierdie wette, dan sal hulle sê: 'Regtig, hierdie groot volk is 'n wyse en verstandige volk.'

7"Ons God die Here is naby ons wanneer ons tot Hom bid. Watter groot volk het gode wat so naby hulle is?

8En watter groot volk het wette wat so regverdig is soos die wette wat ek vandag vir julle gee? Nie een volk nie.

9Maar julle moet baie versigtig wees dat julle nie die dinge vergeet wat julle self gesien het nie. Julle moet dit nooit vergeet nie, julle moet vir julle kinders en kleinkinders vertel

10van die dag toe julle by Horeb-berg voor julle God die Here gestaan het. Dit was die dag toe die Here vir my gesê het: 'Maak die volk bymekaar. Ek wil vir hulle die dinge sê wat hulle moet leer sodat hulle My kan dien so lank soos hulle lewe op die aarde. En hulle moet dit ook vir hulle kinders leer.'

11"Julle het nader gekom en by die berg gestaan. Die berg het gebrand tot binne-in die hemel, en daar was 'n dik, donker wolk.

© Bible Society of South Africa.

12Toe het die Here uit die vuur gepraat met julle. Julle het woorde gehoor, maar julle het niemand gesien nie, julle het net ’n stem gehoor.

13Hy het vir julle gesê wat sy verbond is, Hy het gesê wat Hy wil hê julle moet doen. Dit was die tien gebooie, en Hy het dit geskryf op twee plat klippe.

14En die Here het toe vir my gesê dat ek die wette vir julle moet leer sodat julle sal doen wat die wette sê in die land waarnatoe julle gaan om dit vir julle te vat.

15Maar julle moet baie versigtig wees, want julle het niemand gesien daardie dag toe die Here met julle gepraat het uit die vuur by Horeb-berg nie.

16Julle moet versigtig wees dat julle nie ’n slegte ding doen nie, julle moenie vir julle ’n beeld maak wat lyk soos iets anders nie: nie soos ’n man of ’n vrou,

17of soos ’n dier op die aarde, of soos ’n voël in die lug,

18of soos iets wat op die grond kruip, of soos ’n vis in die water onder die aarde nie.

19Julle moet versigtig wees wanneer julle na die lug kyk en die son en die maan en die sterre sien, alles in die lug. Julle moet oppas dat dit julle nie verlei om vir hulle te buig en hulle te dien nie. Julle God die Here het hierdie dinge gegee vir al die volke in die wêreld,

20maar die Here het net vir júlle geneem om sy eie volk te wees. Hy het julle uitgebring uit die yster-smeltoond Egipte en julle is nou sy volk.

21Die Here het vir my kwaad geword oor julle. Hy het gesê ek sal nie deur die Jordaan-rivier gaan nie en ek sal nie kom in die goeie land wat julle God die Here vir julle gee om aan julle te behoort nie.

22Hy het gesê ek sal sterf in hierdie land waar ons nou is, ek sal nie deur die Jordaan-rivier gaan nie. Maar julle sal deurgaan en julle sal hierdie goeie land vir julleself vat.

23En julle moet versigtig wees dat julle nie die verbond vergeet wat julle God die Here met julle gemaak het nie. Julle moenie dan vir julle ’n beeld maak nie, moenie iets maak wat lyk soos iets anders nie. Die Here het gesê julle mag dit nie doen nie.

24Ja, julle God die Here is soos ’n vuur wat brand, Hy wil julle net vir Homself hê.

25Julle sal in daardie land kinders en kleinkinders kry, maar julle moet oppas, julle moenie vir julle ’n beeld maak, iets wat lyk soos enige iets anders nie, want dan doen julle ’n slegte ding. Die Here hou nie daarvan nie, dit maak Hom hartseer.

26Ek vra die hemel en die aarde om getuies te wees teen julle. As julle vir julle beelde maak, dan sal julle vinnig verdwyn uit die land waarnatoe julle nou gaan. Julle gaan nou deur die Jordaan-rivier om daardie land vir julleself te vat, maar julle sal verdwyn, dit is seker. Julle sal dan nie lank in die land bly nie, julle sal amper almal sterf. Dit is seker.

© Bible Society of South Africa.

27Die Here sal julle na al die kante toe jaag tussen die ander volke, min van julle sal aanhou lewe tussen daardie volke.

28Julle sal daar moet werk vir gode van hout en klip, gode wat nie kan sien of hoor of eet of ruik nie. Mense het daardie gode gemaak.

29Julle sal daar soek na julle God die Here, en julle sal Hom kry as julle Hom soek met julle hele hart.

30Wanneer al hierdie dinge later met julle gebeur en dit gaan sleg met julle, dan sal julle terugkom na julle God die Here en julle sal doen wat Hy sê.

31Want julle God die Here is ’n God wat goed is vir mense wat swaarkry, Hy sal julle nie los nie, Hy sal julle nie heeltemal laat verdwyn nie. Hy sal nie die verbond vergeet wat Hy met julle voorvaders gemaak het nie.

32Ja, julle kan vra oor wat lank gelede gebeur het voordat julle gebore was, van die dag toe God mense op die aarde gemaak het. Julle kan oral op die aarde vra of daar so ’n groot ding gebeur het, of mense weet van so iets:

33Julle het die stem van God gehoor praat uit die vuur. Het ’n ander volk dit ook gehoor en het hulle aangehou lewe? Nee.

34Of het ’n god tekens, wonderwerke, oorlog en groot krag gebruik en het hy só probeer om vir hom ’n volk te gaan vat by ’n ander volk? Het hy die ander volk laat swaarkry en laat skrik? Dit is wat julle God die Here vir julle in die land Egipte gedoen het, julle het dit self gesien.

35Hy het julle dit laat sien sodat julle dít sal weet: Hy, die Here, is God, en daar is nie nog ’n God nie.

36Die Here het uit die hemel gepraat en julle het sy stem gehoor, Hy het vir julle geleer hoe julle moet lewe. Hy het vir julle sy groot vuur op die aarde gewys en julle het gehoor dat Hy uit die vuur praat.

37Hy was lief vir julle voorvaders, daarom het Hy hulle nageslag gekies en vir julle uit die land Egipte gebring met sy groot krag. Hy was self by julle

38en Hy sal ander volke wegjaag voor julle, volke wat groter en sterker is as julle, en Hy sal vir julle die land gee om aan julle te behoort, soos vandag.

39Daarom moet julle dit vandag weet en onthou: Hy, die Here, is God in die hemel daarbo en op die aarde hier onder, daar is nie nog ’n God nie.

40En julle moet doen wat God se wette sê, die wette wat ek vandag vir julle gee en wat goed sal wees vir julle en vir julle kinders. Dan sal julle lank bly woon in die land wat julle God die Here vir julle gee, vir altyd.”

Asielstede oos van die Jordaan-rivier

© Bible Society of South Africa.

41Moses het in daardie tyd drie stede oos van die Jordaan-rivier gekies.

42Iemand kon daarnatoe vlug wanneer hy iemand anders per ongeluk doodgemaak het. As hy die ander persoon voorheen nie gehaat het nie, dan kon hy na een van hierdie stede vlug en aanhou lewe.

43Die stede was: Beser in die woestyn op die Hoëveld vir die mense van die Ruben-stam, Ramot in die land Gilead vir mense van die Gad-stam en Golan in die land Basan vir die mense van die halwe Manasse-stam.

Die tien gebooie

44Hier is die wette wat Moses vir die Israeliete gegee het.

45Dit is die wette wat Moses vir die Israeliete gegee het toe hulle uit die land Egipte gekom het.

46Dit was toe hulle naby die Jordaan-rivier in die vallei oorkant die stad Bet-Peor was, in die land van koning Sihon van die Amoriete wat in die stad Gesbon gewoon het. Moses en die Israeliete het vir koning Sihon oorwin toe hulle uit Egipte gekom het.

47Hulle het sy land en die land van koning Og van Basan gevat, die land van die twee konings van die Amoriete oos van die Jordaan-rivier.

48Dit is die land van die stad Aroër langs die kant van die Arnon-vallei tot by Sion-berg, dit is Hermon-berg,

49en ook die hele Jordaan-vallei oos van die Jordaan-rivier tot by die see in die Jordaan-vallei, by die voet van Pisga-berg.

Deuteronomium 5

1Moses het al die Israeliete geroep en vir hulle gesê: “Israeliete, julle moet luister na die wette wat ek vandag vir julle gee, julle kan dit self hier hoor. Julle moet die wette leer en julle moet doen wat die wette sê.

2Ons God die Here het by Horeb-berg ’n verbond gemaak met ons.

3Hy het hierdie verbond met óns gemaak, ons almal wat vandag hier lewe, Hy het nie die verbond met ons voorvaders gemaak nie.

4Die Here self het met julle gepraat uit die vuur op die berg.

5Ek het daardie dag tussen die Here en julle gestaan om vir julle te sê wat die Here sê, want julle was bang vir die vuur, julle het nie teen die berg opgegaan nie. Die Here het gesê:

6‘Ek is jou God die Here. Ek het jou uit Egipte gebring, uit die plek waar jy ’n slaaf was.

7“ ‘Jy mag nie ander gode aanbid nie. Ek is die enigste God.

© Bible Society of South Africa.

8-9“ ‘Jy mag nie vir jou ’n beeld maak en voor hom buig en hom dien nie. Jy mag nie ’n beeld maak wat lyk soos iets bo in die hemel of soos iets onder op die aarde of soos iets in die water onder die aarde nie. Ek is jou God die Here, jy moet net vir My aanbid. Ek straf die kinders as die pa sonde gedoen het. Ek straf ook sy kinders en kleinkinders as hy My haat en ongehoorsaam is aan My.

10Maar as iemand lief is vir My en gehoorsaam is aan My, dan sal Ek goed wees vir hom en sy kinders, 1 000 geslagte lank.

11“ ‘Jy mag die Naam van jou God die Here nie gebruik vir iets wat verkeerd is nie, want die Here sal elkeen straf wat sy Naam gebruik vir iets wat verkeerd is.

12“ ‘Jy moet onthou dat die Sabbatdag ’n gewyde dag is, jou God die Here het dit vir jou gesê.

13Jy moet ses dae lank werk en alles doen wat jy moet doen,

14maar die sewende dag is die Sabbatdag van jou God die Here. Dan mag jy niks werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin of jou bees of jou donkie, of jou ander diere, of die vreemdelinge wat by jou woon nie, sodat jou slaaf en slavin ook kan rus, soos jy.

15Jy moet onthou dat jy ook ’n slaaf was in die land Egipte en dat jou God die Here jou van daar gebring het met sy groot krag. Dit is hoekom jou God die Here sê dat jy die Sabbatdag moet vier.

16“ ‘Jy moet jou ouers respekteer, die Here het vir jou gesê om dit te doen. Dan sal jy lank lewe en dit sal goed gaan met jou in die land wat jou God die Here vir jou gee.

17“ ‘Jy mag nie iemand vermoor nie.

18“ ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

19“ ‘Jy mag nie steel nie.

20“ ‘Jy mag nie leuens vertel oor ander mense nie.

21“ ‘Jy mag nie ’n ander man se vrou vir jouself wil hê nie. Jy mag nie ’n ander mens se huis vir jouself wil hê nie, ook nie sy grond, of sy slaaf of slavin, of sy bees of sy donkie, of enige iets wat aan ’n ander mens behoort nie.’

22“Die Here het hierdie woorde hard en duidelik gesê vir julle hele volksvergadering, en Hy het nie nog iets anders gesê nie. Dit was op die berg, en Hy het gepraat uit die vuur en uit die donker wolk. Hy het daarna die woorde op twee plat klippe geskryf en Hy het dit vir my gegee.

23Maar toe die berg so brand en toe julle sy stem hoor praat uit die donker, het al julle stamhoofde en leiers na my toe gekom

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24en gesê: ‘Luister, die Here, die Groot Koning, het aan ons verskyn, ons het Hom gehoor praat uit die vuur. Vandag het ons gesien dat ’n mens kan aanhou lewe wanneer God met hom praat.

25Maar as ons moet aanhou om die stem van ons God die Here te hoor, dan sal ons sterf, ons sal brand in hierdie groot vuur. En ons wil nie sterf nie.

26Want daar is niemand op die aarde wat ook soos ons die stem gehoor het van die God wat lewe, en wat daarna aangehou lewe het nie.

27Moses, jý moet nader gaan en gaan luister na wat ons God die Here sê. En dan moet jý vir ons alles sê wat ons God die Here vir jou gesê het. Ons sal gehoorsaam wees en doen wat Hy sê.’

28“Die Here het gehoor wat julle vir my gesê het en Hy het vir my gesê: ‘Ek het gehoor wat hierdie volk vir jou gesê het, hulle is heeltemal reg.

29Ek wens hulle wou My altyd so dien en altyd doen wat my gebooie sê, sodat dit goed kan gaan met hulle en hulle kinders.

30Gaan sê vir hulle dat hulle moet teruggaan na hulle tente.

31Maar jy moet hier by My bly sodat Ek vir jou al die gebooie en die wette kan gee wat jy vir hulle moet leer. Hulle moet dit doen in die land wat Ek vir hulle gee om dit vir hulleself te vat.’

32“Julle moet versigtig wees en alles doen wat julle God die Here vir julle gesê het. Julle moet dit presies só doen

33en op die pad loop wat julle God die Here vir julle sê. Dan sal julle aanhou lewe en dit sal goed gaan met julle. Julle sal lank woon in die land wat julle vir julleself sal vat.”

Deuteronomium 6

Die Israeliete moet lief wees vir die Here

1Moses het toe gesê: “Hier is die wette van julle God die Here. Hy het gesê ek moet dit vir julle leer, sodat julle sal doen wat die wette sê in die land waarnatoe julle gaan om dit vir julleself te vat.

2Dit beteken julle en julle kinders en kleinkinders moet julle God die Here dien en julle moet alles doen wat die wette sê wat ek vir julle gee. Julle moet dit doen so lank soos julle lewe. As julle luister na die wette wat ek vir julle gee, dan sal julle lank lewe.

3Israeliete, julle moet luister en julle moet doen wat die wette sê, sodat dit goed sal gaan met julle en sodat julle ’n groot volk sal word. Die Here, die God van

© Bible Society of South Africa.

julle voorvaders het dit vir julle belowe, julle sal dit alles kry in ’n land waar daar baie melk en heuning is.

4“Israeliete, julle moet luister, ons God die Here is een Here. Daar is nie nog so ’n Here nie.

5En julle moet lief wees vir die Here, julle moet lief wees vir Hom met julle hele hart, met al julle krag.

6Julle moet die dinge onthou wat ek vandag vir julle sê

7en julle moet dit vir julle kinders leer. Julle moet oor hierdie dinge praat wanneer julle in julle huis sit en wanneer julle op die pad loop, wanneer julle lê en wanneer julle staan.

8Julle moet dink aan hierdie dinge wanneer julle iets met julle hande doen en wanneer julle na iets kyk

9en wanneer julle uitgaan en ingaan by die deure van julle huise en julle poorte.

10“Julle God die Here sal julle bring na die land wat Hy belowe het vir julle voorvaders, Hy het dit belowe vir Abraham, Isak en Jakob. Hy sal vir julle groot en mooi stede gee wat julle nie gebou het nie.

11Hy sal vir julle ook huise vol goed gee wat julle nie bymekaargemaak het nie, watergate wat julle nie self uit die klip gekap het nie, wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie. Wanneer julle genoeg het van alles,

12dan moet julle versigtig wees dat julle nie die Here vergeet nie. Julle was slawe in die land Egipte, maar die Here het julle uit Egipte gebring.

13Julle moet julle God die Here eer en dien, en wanneer julle iets belowe, dan moet julle net sý Naam noem, Hy moet die getuie wees.

14Julle moenie ander gode dien nie, julle moenie die gode van ander volke rondom julle dien nie.

15Want julle God die Here is by julle, Hy wil hê julle moet net vir Hom dien. As julle ook aan ander gode wil behoort, dan sal die Here kwaad word vir julle en Hy sal julle laat verdwyn van die aarde.

16Julle moenie julle God die Here toets en Hom kwaad maak nie, julle het dit gedoen by Massa.

17Julle moet doen wat die wette van julle God die Here sê,

18julle moet die dinge doen wat reg en goed is, die dinge waarvan die Here hou. Dan sal dit goed gaan met julle en julle sal die goeie land gaan vat wat die Here vir julle voorvaders belowe het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Julle sal julle vyande wegjaag, die Here het dit gesê.

20"Julle kinders sal later vir julle vra: 'Hoekom het ons God die Here die wette vir julle gegee?'

21"Dan moet julle vir julle kinders sê: 'Ons was die farao se slawe in Egipte, maar die Here het ons uit Egipte gebring met sy groot krag.

22Ons het gesien dat Hy groot tekens en wonderwerke in Egipte gedoen het en dat Hy dit sleg laat gaan het met die farao en sy huisgesin.

23Maar die Here het vir ons uitgebring uit Egipte en Hy het ons hiernatoe laat kom om vir ons die land te gee wat Hy vir ons voorvaders belowe het.

24Hy het toe gesê ons moet doen wat al hierdie wette sê, ons moet ons God die Here dien, sodat dit altyd goed sal gaan met ons en sodat ons kan aanhou lewe, soos vandag.

25As ons versigtig is en alles doen wat die wette van ons God die Here sê, dan doen ons reg, soos Hy wil hê.' "

Deuteronomium 7

Die Israeliete is die gewyde volk van die Here

1Moses het gesê: "Julle God die Here sal julle bring na die land waarnatoe julle gaan om dit vir julleself te vat. Hy sal baie volke wegjaag om plek te maak vir julle, sewe volke wat meer is as julle en wat sterker is. Dit is die Hetiete, Girgasiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete.

2Julle God die Here sal daardie volke oorwin en vir julle gee. Julle moet hulle dan almal doodmaak. Julle moenie 'n ooreenkoms maak met hulle en jammer wees vir hulle nie.

3Julle moet ook nie met hulle trou nie. Julle moenie julle dogters vir hulle seuns gee en hulle dogters vir julle seuns neem om te trou nie.

4As julle dit doen, dan sal julle kinders ophou om die Here te dien en hulle sal ander gode dien. En dan sal die Here kwaad word vir julle en Hy sal julle almal vinnig laat sterf.

5Maar wat julle moet doen, is dít: Julle moet hulle altare afbreek, julle moet hulle klip-pale stukkend breek, hulle gewyde pale afkap en hulle beelde verbrand.

6Hoekom? Julle moet dit doen omdat julle die gewyde volk van julle God die Here is. Dit is vir júlle wat julle God die Here gekies het uit die al die volke op die aarde, Hy het júlle gekies om sy eie volk te wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Die Here het lief geword vir julle en Hy het julle gekies, nie omdat julle ’n groter volk as ander volke was nie, julle was kleiner as al die ander volke.

8Nee, die Here het julle gekies omdat Hy lief was vir julle en omdat Hy wou doen wat Hy vir julle voorvaders belowe het. Dit is hoekom die Here julle met sy groot krag gebring het uit die land waar julle slawe was, Hy het julle losgekoop van die farao, die koning van Egipte.

9Daarom moet julle onthou dat julle God die Here die enigste God is. Hy is die God wat doen wat Hy belowe, die God wat sal doen wat Hy in sy verbond belowe het. Hy sal dit doen vir die mense wat lief is vir Hom en wat doen wat sy gebooie sê, Hy sal dit 1 000 geslagte lank doen.

10Maar Hy sal al die mense straf en laat sterf wat nie lief is vir Hom nie, Hy sal nie vergeet nie, Hy sal hulle straf.

11Daarom moet julle doen wat die wette sê, die wette wat ek vandag vir julle gee.

12As julle gehoorsaam is aan hierdie wette en doen wat die wette sê, dan sal julle God die Here doen wat Hy in sy verbond belowe het vir julle voorvaders.

13Hy sal lief wees vir julle en Hy sal julle seën. Hy sal julle baie laat word, julle sal baie kinders kry. Hy sal vir julle groot koring-oeste, baie wyn en olyf-olie gee, en ook baie kalwers en baie lammers. Hy sal dit alles vir julle doen in die land wat Hy vir julle voorvaders belowe het om vir julle te gee.

14Die Here sal vir julle meer seën as vir ander volke, elke man en vrou sal kinders kan kry, elke koei sal kalwers kan kry en elke skaap-ooi en bok-ooi sal lammers kan kry.

15Die Here sal keer sodat julle nie siek word nie, julle sal nie een van die slegte siektes van Egipte kry nie. Die Here sal daardie siektes nie by julle bring nie, Hy sal dit bring by die mense wat vir julle haat.

16Julle sal al die volke oorwin en doodmaak wat julle God die Here vir julle gee, julle sal nie jammer wees vir hulle nie. Julle moenie hulle gode dien nie, want dan sal julle in ’n vangstrik val.

17Julle sal miskien dink dat daardie volke meer is as julle en julle sal nie weet hoe julle hulle sal kan wegjaag en hulle land vir julleself kan vat nie,

18maar dan moet julle nie bang wees vir hulle nie. Julle moenie vergeet nie, julle moet onthou wat julle God die Here gedoen het aan die farao en aan al die Egiptenaars.

19Julle het self gesien hoe julle God die Here daardie mense laat swaarkry het. Julle het die tekens en die wonderwerke en sy groot krag gesien, Hy het dit gebruik om julle uit Egipte te bring. Julle God die Here sal dieselfde doen met al die volke vir wie julle bang is.

© Bible Society of South Africa.

20Ja, julle God die Here sal perdebye stuur teen daardie mense, nie een van hulle sal kan wegkruip en aanhou lewe nie.

21Julle moenie bang wees vir daardie mense nie, want julle God die Here is by julle, en Hy is ’n groot God, almal is bang vir Hom.

22Julle God die Here sal daardie mense wegjaag voor julle, maar julle sal hulle nie almal op dieselfde tyd doodmaak nie, want dan sal die wilde diere in die land te veel word vir julle.

23Maar julle God die Here sal julle laat wen teen daardie mense, en hulle sal baie bang word. Hulle sal nie weet wat om te doen nie, totdat julle hulle almal doodgemaak het.

24Die Here sal julle laat wen teen hulle konings, en niemand op die aarde sal die name van daardie konings onthou nie. Niemand sal kan aanhou om teen julle oorlog te maak nie, julle sal hulle almal doodmaak.

25Maar julle moet hulle gode se beelde verbrand, julle moenie die silwer en die goud wat aan die beelde is, vir julleself wil hê en dit vat nie, want dan sal julle in ’n vangstrik val. Julle God die Here haat daardie beelde.

26Daar is dinge wat die Here haat, julle moenie dit in julle huise bring nie, want dan sal julle ook sterf. Julle moet daardie dinge haat en los, julle moet daardie dinge verwoes.”

Deuteronomium 8

Die Israeliete moenie die Here vergeet nie

1Moses het gesê: “Julle moet gehoorsaam wees aan al die wette wat ek vandag vir julle gee. As julle dit doen, dan sal julle lewe en julle sal baie word. Julle sal die land vir julleself gaan vat, die land wat die Here vir julle voorvaders belowe het.

2En julle moet alles onthou wat julle God die Here met julle laat gebeur het toe julle 40 jaar in die woestyn was. Hy wou julle verneder, want Hy wou weet hoe julle voel. Hy wou weet of julle sal doen wat sy wette sê.

3Hy het julle verneder en honger laat word en toe het Hy vir julle die manna gegee om te eet. Julle en julle voorvaders het voorheen nie manna geken nie. Die Here wou hê dat julle moet verstaan dat ’n mens nie net van brood kan lewe nie, ’n mens lewe van elke woord wat uit die mond van die Here kom.

4In hierdie 40 jaar het julle klere nie stukkend geword nie en julle voete het nie geswel nie.

5Julle moet weet dat die Here vir julle wil leer om reg te lewe, dit is dieselfde soos wanneer ’n pa vir sy kind wil leer om reg te lewe.

© Bible Society of South Africa.

6Julle moet doen wat die wette van die Here sê, julle moet lewe soos Hy wil hê en julle moet Hom dien.

7Want julle God die Here bring julle na ’n goeie land. Dit is ’n land waar daar baie water is, daar is riviere en fonteine en diep water wat uit die berge én uit die valleie kom.

8Daar is koring en gars, wingerde en vyebome en granaatbome. Dit is ’n land waar daar olyfbome en heuning is.

9Dit is ’n land waar julle nie min kos sal hê nie, daar sal genoeg wees van alles. Dit is ’n land waar daar yster in die klippe is en waar julle koper uit die berge sal kan uitgrawe.

10En wanneer julle eet en genoeg het, dan moet julle vir julle God die Here prys en vir Hom dankie sê vir die goeie land wat Hy vir julle gegee het.

11Julle moet versigtig wees, julle moenie julle God die Here vergeet nie, julle moet doen wat sy wette sê, die wette wat ek vandag vir julle gee.

12Wanneer julle eet en genoeg kry en mooi huise bou en daarin woon,

13en julle het baie beeste en skape en bokke, en julle silwer en goud word baie, alles wat julle het, word baie,

14dan moet julle nie hoogmoedig word en julle God die Here vergeet nie. Hy het julle uit die land Egipte gebring, die land waar julle slawe was.

15Hy het julle deur die groot en gevaarlike woestyn gelei, die woestyn waar slange op die grond seil en ook vlieg, waar daar skerpioene is en waar alles droog is, daar is niks water nie. Hy het vir julle water laat uitkom uit die kliprots.

16Hy het vir julle manna in die woestyn gegee om te eet, manna is iets wat julle voorvaders nie geken het nie. Hy wou julle verneder om julle te toets, maar Hy wou later goed doen aan julle.

17Wanneer julle eet en genoeg het, dan moet julle nie sê dat julle dit alles self gedoen het nie, moenie sê julle het al hierdie goed bymekaargemaak met julle eie krag nie.

18Nee, julle moet onthou dat dit julle God die Here is wat vir julle die krag gegee het om alles bymekaar te maak. Hy het dit gedoen sodat die verbond altyd daar sal wees, die verbond wat Hy met julle voorvaders gemaak het.

19As julle nou regtig julle God die Here vergeet en julle gaan dien ander gode en julle buig voor hulle, dan waarsku ek nou vir julle: Julle sal almal sterf, dit is seker.

20As julle ongehoorsaam is aan julle God die Here, dan sal julle sterf soos die volke wat Hy laat sterf het om plek te maak vir julle.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Deuteronomium 9

Die Israeliete is hardkoppige mense

1Moses het gesê: “Israeliete, julle moet luister! Julle gaan vandag deur die Jordaan-
rivier om die land te gaan vat van volke wat groter en sterker is as julle. In daardie
land is daar stede wat sterk en hoë mure het, die mure is so hoog soos die hemel.

2En daar is groot en lang mense, die Enak-mense. Julle weet van hulle en julle het
self gehoor dat mense sê: ‘Wie kan oorlog maak teen die Enak-mense? Niemand.’

3“Maar julle moet vandag weet dat dit julle God die Here is wat voor julle deur die
rivier sal gaan, en Hy is soos ’n vuur wat brand. Dit is Hy wat die Enak-mense sal
oorwin. Hy sal hulle voor julle verneder, Hy sal hulle wegjaag en Hy sal hulle vinnig
laat verdwyn. Dit het die Here vir julle belowe.

4Julle God die Here sal hulle wegjaag om plek te maak vir julle, maar dan moet julle
nie dink dat die Here julle gebring het om hierdie land vir julleself te vat omdat julle
reg gelewe het nie. Nee, hierdie volke het verkeerd gedoen, en daarom sal die Here
hulle wegjaag om plek te maak vir julle.

5Julle gaan om hierdie land vir julleself te vat, maar julle doen dit nie omdat julle reg
gedoen het en eerlik was nie. Nee, julle God die Here jaag hierdie volke weg om plek
te maak vir julle omdat die volke verkeerd gedoen het en omdat die Here wil doen
wat Hy belowe het aan julle voorvaders, aan Abraham, Isak en Jakob.

6Julle moet dit weet, die Here gee hierdie goeie land vir julle sodat julle dit vir
julleself kan vat, maar Hy doen dit nie omdat julle reg gedoen het nie, want julle is ’n
hardkoppige volk.

7Julle moenie vergeet nie, julle moet onthou dat julle vir julle God die Here kwaad
gemaak het in die woestyn. Julle was opstandig teen die Here, van daardie dag af toe
julle uit die land Egipte gekom het totdat julle op hierdie plek aangekom het.

8By Horeb-berg het julle die Here kwaad gemaak, en Hy was so kwaad dat Hy julle
almal wou doodmaak.

9Ek het teen die berg opgegaan om die plat klippe te kry, die klippe waarop die Here
die verbond geskryf het wat Hy met julle gemaak het. Ek het 40 dae en 40 nagte
lank op die berg gebly, en ek het niks geëet of gedrink nie.

10Die Here het die twee plat klippe vir my gegee. Die vinger van God het alles op die
klippe geskryf, alles wat die Here vir julle op die berg uit die vuur gesê het toe julle
daar bymekaar was.

11Ná die 40 dae en 40 nagte het die Here die twee plat klippe vir my gegee, die
klippe waarop Hy die verbond geskryf het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12 En die Here het vir my gesê: ‘Jy moet gereedmaak en vinnig afgaan, want jou volk
wat jy uit Egipte gebring het, het ’n slegte ding gedoen. Hulle het gou opgehou om te
lewe soos Ek vir hulle gesê het, hulle het vir hulle ’n beeld gemaak.’

13 “Die Here het ook vir my gesê: ‘Ek het na hierdie volk gekyk, Ek het gesien dat hulle
’n hardkoppige volk is, jy moet dit weet.

14 Jy moet My los, Ek wil hulle almal doodmaak sodat niemand op die aarde hulle
naam sal onthou nie. Dan sal Ek jou nageslag ’n volk maak wat sterker en meer is as
hulle.’

15 “Ek het teruggegaan en ek het afgekom van die berg. Die berg het gebrand, en ek
het die twee plat klippe in my hande gehou, die klippe waarop die verbond geskryf
was.

16 Ek het gekyk en toe sien ek julle hét die sonde gedoen teen julle God die Here. Julle
hét vir julle ’n kalfbeeld gemaak, julle hét gou opgehou om te lewe soos die Here vir
julle gesê het.

17 Ek het die twee plat klippe gegryp en ek het hulle met my twee hande gegooi. Die
klippe het gebreek, julle het dit gesien.

18 Ek het voor die Here gaan lê, soos ek voorheen gedoen het. Ek het 40 dae en 40
nagte voor Hom gelê, ek het niks geëet of gedrink nie. Ek het dit gedoen oor die
sonde wat julle gedoen het, die slegte ding wat julle gedoen het teen die Here om
Hom te terg en kwaad te maak.

19 Ek was baie bang dat die Here so kwaad was vir julle dat Hy julle almal sou
doodmaak. Maar die Here het ook hierdie maal gedoen wat ek vir Hom gevra het.

20 En die Here was so kwaad vir Aäron dat Hy hom wou doodmaak, maar ek het toe
ook vir Aäron gebid.

21 Julle het groot sonde gedoen toe julle die kalfbeeld gemaak het, maar ek het die
beeld gevat en verbrand en fyngestamp. Ek het dit gemaal totdat dit poeier was, en
ek het die poeier gegooi in die riviertjie wat afkom teen die berg.

22 Julle het die Here ook kwaad gemaak by Brandplek en by Massa en by Lus-grafte.

23 En julle was opstandig teen die Here toe Hy julle gestuur het van die stad Kades-
Barnea en toe Hy vir julle gesê het: ‘Gaan vat die land wat Ek vir julle gee.’ Maar julle
het nie geglo dat Hy sal doen wat Hy belowe het nie en julle het nie gedoen wat Hy
gesê het nie.

24 Julle was opstandig teen die Here van daardie dag af dat ek julle ken.

25 Ek het toe weer voor die Here gaan lê, ek het 40 dae en 40 nagte lank voor Hom
gelê, want die Here het gesê Hy wil julle almal doodmaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[26]Ek het tot die Here gebid en gevra: ‘Here, my Here, U moenie u volk almal doodmaak nie, hulle is u volk. U het hulle vir Uself losgekoop en U het hulle met u groot krag uit Egipte gebring, U is groot.

[27]U moet dink aan u dienaars, aan Abraham en Isak en Jakob. U moet wegkyk van hierdie hardkoppige volk, U moet wegkyk van die dinge wat hulle verkeerd gedoen het, U moenie kyk na hulle sonde nie.

[28]As U hulle laat sterf, dan sal die mense van die land waaruit U ons gebring het, sê: “Die Here kon hulle nie bring na die land wat Hy vir hulle belowe het nie, en Hy het hulle uitgebring om hulle in die woestyn te laat sterf omdat Hy hulle haat.”

[29]Maar hierdie volk is ú volk, hulle behoort aan U, en U het hulle uitgebring met u groot krag.’ ”

Deuteronomium 10

Die Here het weer die tien gebooie op twee plat klippe geskryf

[1]Moses het gesê: “Die Here het in daardie tyd vir my gesê: ‘Jy moet twee plat klippe uitkap soos die eerste twee klippe wat Ek vir jou gegee het en dan moet jy opkom na My toe op die berg. En jy moet ’n kis maak van hout.

[2]Ek sal op die plat klippe dieselfde woorde skryf wat op die eerste twee klippe was, die klippe wat jy gebreek het. Jy moet dan hierdie plat klippe in die kis sit.’

[3]“Ek het toe ’n kis gemaak van doringhout, en ek het twee plat klippe uitgekap soos die eerste twee klippe. Ek het toe teen die berg opgegaan. Ek het die twee plat klippe in my hande gedra.

[4]Die Here het dieselfde woorde op die plat klippe geskryf, dit was die tien gebooie wat die Here vir julle gegee het toe Hy gepraat het uit die vuur op die berg waar julle bymekaar was. Die Here het die plat klippe vir my gegee,

[5]en ek het afgegaan van die berg. Ek het teruggegaan en ek het die klippe gesit in die kis wat ek gemaak het, soos die Here vir my gesê het. Die klippe is nog daar.

[6]“Die Israeliete het van daardie plek, Beërot-Bene-Jakan, verder gegaan na Mosera. Aäron het daar gesterf, en ons het hom daar begrawe. Sy seun Eleasar het ná hom die priester geword.

[7]Hulle het toe verder gegaan na Gudgoda en van Gudgoda na Jotbata. Jotbata is ’n plek waar daar baie water is.

[8]“In daardie tyd het die Here die Levi-stam vir Hom geneem om die verbondskis van die Here te dra. Hulle moes Hom daar dien en vir Hom werk, en hulle moes sy Naam gebruik om die Israeliete te seën. Dit is nou nog so.

© Bible Society of South Africa.

9Daarom het die Levi-stam nie hulle eie grond gekry tussen die ander Israeliete nie. Die Here self sorg vir die Leviete, soos Hy vir hulle belowe het.

10“Ek het 40 dae en 40 nagte op die berg gebly, soos voorheen, en ook hierdie maal het die Here gedoen wat ek gevra het, Hy het besluit om julle nie dood te maak nie.

11Hy het vir my gesê: ‘Jy moet gereedmaak en jy moet verder gaan voor die volk sodat hulle die land kan gaan vat wat Ek vir hulle voorvaders belowe het om vir hulle te gee.’ ”

Die Israeliete moet die Here respekteer en lewe soos Hy wil hê

12-13“En nou, Israeliete, wat wil julle God die Here hê julle moet doen? Hy vra dat julle Hom moet respekteer, dat julle moet lewe soos Hy wil hê, dat julle lief moet wees vir Hom, dat julle elke dag julle God die Here sal dien met julle hele hart, dat julle sal doen wat sy wette sê, die wette wat ek vandag vir julle gee. Julle God die Here vra niks meer van julle nie. As julle dit doen, dan sal dit goed gaan met julle.

14Julle moet dit weet: Die hemel, die hoogste hemel, ook die aarde en alles daarop, behoort aan julle God die Here.

15Maar die Here het gehou van julle voorvaders, Hy was lief vir hulle. Julle is hulle nageslag, en die Here het vir julle uit al die volke gekies om aan Hom te behoort, dit is vandag nog so.

16“Julle moet met julle hele hart aan Hom behoort, julle moenie hardkoppig wees nie.

17Want julle God die Here is die God van al die gode, Hy is die Koning van al die konings, Hy is die groot en magtige God, almal is bang vir Hom. Hy dink nie een mens is belangriker as ’n ander mens nie, Hy neem nie geld en dan oordeel Hy onregverdig nie.

18Hy doen reg aan weeskinders en weduwees en Hy is lief vir vreemdelinge, Hy gee vir hulle kos en klere.

19Julle moet ook lief wees vir vreemdelinge, want julle was vreemdelinge in die land Egipte.

20Julle moet julle God die Here respekteer en Hom dien en naby Hom bly, en wanneer julle iets belowe, dan moet julle sê die Here is die getuie.

21Julle moet die Here prys, Hy is julle God wat hierdie groot en wonderlike dinge vir julle gedoen het, dinge wat julle self sien.

22Julle voorvader Jakob het net 70 mense saam met hom gehad toe hy na Egipte gegaan het, maar die Here het julle ’n groot volk laat word, julle is nou so baie soos die sterre in die lug.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Deuteronomium 11

Die Israeliete moet lief wees vir die Here

1Moses het gesê: “Julle moet lief wees vir julle God die Here en julle moet altyd doen
wat sy wette sê.

2Julle moet vandag onthou: Julle God die Here het nie vir julle kinders geleer hoe
hulle moet lewe nie. Nee, Hy het vir júlle geleer. Dit is júlle wat gesien het hoe groot
Hy is. Julle het sy groot krag gesien

3en sy tekens en alles wat Hy in Egipte gedoen het aan die farao, die koning van
Egipte, en aan sy hele land.

4Julle het gesien wat die Here gedoen het aan die leër van Egipte, hulle perde en
hulle oorlogkarre. Julle het gesien hoe Hy die water van die Riet-see oor hulle laat
vloei het toe hulle vir julle gevolg en gejaag het. Die Here het hulle vir altyd laat sterf.

5Julle het gesien wat Hy in die woestyn vir julle gedoen het totdat julle hier
aangekom het.

6Julle het gesien wat Hy gedoen het met Datan en Abiram, die seuns van Eliab van
die nageslag van Ruben. Julle het gesien hoe die aarde oopgeskeur en hulle ingesluk
het saam met hulle huisgesinne en hulle tente en almal wat saam met
hulle opstandig was. Al die ander Israeliete het dit gesien.

7Ja, julle het elke groot ding gesien wat die Here gedoen het.

8Nou moet julle alles doen wat die wette sê wat ek vandag vir julle gee. As julle dit
doen, dan sal julle sterk wees en julle sal die land gaan vat waarnatoe julle gaan.

9En dan sal julle lank lewe in die land wat die Here vir julle voorvaders belowe het,
Hy het belowe om dit vir hulle en hulle nageslag te gee. Dit is ’n land waar baie melk
en heuning is.

10Ja, julle gaan na daardie land om dit vir julleself te vat, dit is nie soos die land
Egipte van waar julle kom nie. In Egipte moes julle saad saai en dit natlei soos ’n
groentetuin.

11Maar die land wat julle nou vir julleself gaan vat, is ’n land wat berge en valleie het,
hulle kry water van die reën uit die lug.

12Die Here hou aan om te sorg vir hierdie land, van die begin tot die einde van die
jaar.

13Die Here sê: ‘Ek wil hê julle moet doen wat my wette sê, die wette wat Ek vandag
vir julle gee. Julle moet lief wees vir My, julle God die Here, julle moet My dien met
julle hele hart.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14As julle dit doen, dan sal Ek die reën vir julle land gee op die regte tyd, vroeë reën
en laat reën. Daar sal genoeg koring en wyn en olyf-olie wees om bymekaar te maak
en te bêre,

15en Ek sal vir julle diere gras gee in die veld. Julle sal genoeg hê om te eet.'

16"Maar julle moet baie versigtig wees. Die mense van die ander volke sal julle
wil verlei om weg te gaan van die Here, om ander gode te dien en om voor hulle te
buig.

17As dit gebeur, dan sal die Here kwaad word vir julle en Hy sal die hemel toesluit
sodat daar niks reën sal wees nie, daar sal niks in die grond groei nie. Dan sal julle
gou verdwyn uit die goeie land wat die Here vir julle gee.

18Julle moet die dinge onthou wat ek vandag vir julle sê. Julle moet dink aan hierdie
dinge wanneer julle werk met julle hande en wanneer julle na iets kyk

19en julle moet hierdie dinge vir julle kinders leer. Julle moet oor hierdie dinge praat
wanneer julle in julle huise sit en wanneer julle op die pad loop, wanneer julle lê en
wanneer julle staan.

20Julle moet hierdie dinge onthou wanneer julle uitgaan en ingaan by die deure van
julle huise en julle poorte.

21As julle dit alles doen, dan sal julle en julle kinders lank lewe in die land wat die
Here vir julle voorvaders belowe het. Julle sal hier woon so lank soos die hemel en
die aarde daar sal wees.

22Ja, julle moet doen wat al hierdie gebooie sê, die gebooie wat Ek vir julle gegee
het. Julle moet lief wees vir julle God die Here, julle moet alles doen wat Hy vir julle
sê en julle moet aanhou om Hom te dien.

23As julle dit alles doen, sal die Here al hierdie volke wegjaag om plek te maak vir
julle. Julle sal die land vat van volke wat groter en sterker is as julle.

24Elke plek waar julle sal kom, sal julle plek word, van die woestyn tot by die
Libanon-berg, van die Eufraat-rivier tot by die see in die weste. Dit sal julle land
word.

25Niemand sal kan wen teen julle nie, julle God die Here sal al die mense in die land
laat skrik vir julle en bang laat word vir julle, soos Hy belowe het.

26"Julle moet dit weet, julle moet vandag kies: Wil julle hê die Here moet julle seën,
of wil julle hê Hy moet julle vervloek?

27Hy sal julle seën as julle gehoorsaam is aan die wette wat ek vandag vir julle gee

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

28en Hy sal julle vervloek as julle nie gehoorsaam is aan sy wette nie, as julle ophou om te lewe soos ek vandag vir julle sê en as julle ander gode gaan dien, gode wat julle voorheen nie geken het nie.

29Wanneer julle God die Here julle bring in die land wat julle vir julleself moet gaan vat, dan moet julle op Gerisim-berg gaan staan om vir die mense te sê dat die Here hulle sal seën, en julle moet op Ebal-berg gaan staan om te sê dat die Here daardie mense sal vervloek.

30Hierdie twee berge is anderkant die Jordaan-rivier, langs die pad wat van die see in die weste na die Jordaan-vallei gaan. Die Kanaäniete woon daar, oorkant die stad Gilgal, naby die bome van die waarsêers.

31Julle sal deur die Jordaan-rivier gaan om die land vir julleself te gaan vat, die land wat julle God die Here vir julle gee. Wanneer julle dit vat en daar gaan woon,

32dan moet julle doen presies soos die wette sê wat ek vandag vir julle gee."

Deuteronomium 12

Die Here sal 'n plek kies waar die Israeliete moet offer

1Moses het gesê: "Hier is die wette waaraan julle gehoorsaam moet wees in die land wat die Here, die God van julle voorvaders, vir julle gee. Julle moet die land vir julleself vat en julle moet doen wat die wette sê so lank soos julle op die aarde sal lewe.

2"Julle sal hierdie land vat van die volke wat nou daar woon. Die volke het hulle gode gedien op die hoë berge, op die heuwels en onder elke boom wat altyd blare het. Julle moet al daardie plekke heeltemal verwoes.

3Julle moet hulle altare afbreek, hulle klip-pale stukkend breek, hulle gewyde pale verbrand, en julle moet die beelde van hulle gode omgooi. Niemand op daardie plek moet onthou wie die gode was nie.

4Julle moenie julle God die Here dien soos daardie volke hulle gode dien nie.

5Nee, die Here sal 'n plek kies uit al die plekke van die stamme, Hy sal self daar woon. Julle moet vra waar die plek is, en julle moet daarnatoe gaan.

6Julle moet daar die brand-offers en ander offers bring, en ook julle tiendes en julle presente, julle gelofte-offers en die offers wat julle graag self wil bring, en die eerste kalwers en lammers.

7Julle God die Here sal by julle wees en julle en julle huisgesinne moet daar eet en feesvier oor alles wat julle gekry het omdat julle God die Here julle geseën het.

8"Julle moenie in daardie land doen soos ons nou doen nie. Nou doen elkeen wat hyself dink is reg,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9want julle het nog nie by julle woonplek gekom nie, die land wat julle God die Here vir julle gee.

10Maar julle sal deur die Jordaan-rivier gaan en julle sal gaan woon in die land wat julle God die Here vir julle gee, die land sal aan julle behoort. Die Here sal julle laat wen teen al die vyande rondom julle, hulle sal julle nie kan aanval nie, en julle sal veilig woon.

11Dan sal julle God die Here ’n plek kies waar julle Hom moet aanbid. Julle moet alles na daardie plek bring, alles wat ek vir julle sê: julle brand-offers en ander offers, julle tiendes en julle presente, en die beste dinge wat julle vir die Here belowe het.

12Die Here sal daar by julle wees, en dan moet julle feesvier, julle en julle kinders, julle slawe en slavinne, en ook die Leviete wat by julle woon, want hulle het nie hulle eie grond soos julle nie.

13“Julle moet versigtig wees dat julle nie julle brand-offers bring op enige plek wat julle sien nie.

14Julle mag julle brand-offers bring net op die plek wat die Here sal kies in die land van een van die stamme, en daar moet julle alles doen wat ek vir julle sê.

15“Maar wanneer julle honger is, dan mag julle van die diere slag wat die Here vir julle gegee het toe Hy julle geseën het oral waar julle woon. Mense wat rein is én mense wat onrein is, mag van die vleis eet soos hulle die vleis eet van ’n gasel of ’n takbok.

16Maar julle mag nie bloed eet nie, julle moet die bloed uitgooi op die grond soos ’n mens water uitgooi.

17Julle mag ook nie by julle woonplekke die tiendes eet van julle koring, wyn en olyf-olie nie, ook nie die eerste kalwers en lammers, of die offers wat julle vir die Here belowe het, of die offers wat julle self wil bring, of die presente wat julle gee nie.

18Julle moet dit gaan eet op die plek wat julle God die Here sal kies, julle moet dit doen saam met julle kinders, julle slawe en slavinne, en die Leviete wat by julle woon. Julle God die Here sal by julle wees. Julle moet daar feesvier met alles waarvoor julle gewerk het.

19Julle moet onthou dat julle nooit die Leviete mag vergeet nie, so lank soos julle in die land lewe.

20“Julle God die Here het belowe dat Hy julle land groter sal maak. Wanneer Hy dit doen, en julle wil vleis eet omdat julle honger is, dan mag julle enige tyd vleis eet.

21Miskien is die plek ver van julle, die plek wat julle God die Here gekies het waar julle Hom moet aanbid. Dan mag julle van julle beeste of skape of bokke slag, maar

© Bible Society of South Africa.

julle moet dit doen soos ek vir julle gesê het. En dan mag julle daar by julle woonplekke die vleis eet wanneer julle wil.

22Ja, julle mag hierdie vleis eet soos ’n mens die vleis van ’n gasel of ’n takbok eet. Mense wat rein is én mense wat onrein is, mag saam van die vleis eet.

23Maar julle moet seker maak dat julle nie bloed eet nie, want die lewe is in die bloed, en julle mag nie die lewe eet saam met die vleis nie.

24Julle moenie bloed eet nie, julle moet dit op die grond uitgooi soos ’n mens water uitgooi.

25Julle moenie bloed eet nie, dan doen julle wat die Here wil hê, en dan sal dit goed gaan met julle en met julle kinders ná julle.

26“Maar julle moet die gewyde presente wat julle wil gee en die offers wat julle belowe het, bring na die plek wat die Here sal kies.

27Julle moet julle brand-offers, die vleis en die bloed, daar op die altaar van julle God die Here offer. Julle moet die bloed uitgooi teen die altaar van julle God die Here, en julle mag die vleis eet.

28“Julle moet alles doen wat ek vandag vir julle sê. Dan sal dit altyd goed gaan met julle en met julle kinders ná julle, want dan doen julle goed en reg, soos die Here wil hê.

29“Julle gaan om ander mense se land vir julleself te vat. Wanneer julle God die Here die mense van daardie land laat sterf, dan sal julle hulle land vat en daar gaan woon.

30Dan moet julle versigtig wees dat julle nie soos ’n voël in ’n vangstrik val nie, want dit sal met julle gebeur as julle ook daardie mense se gode wil aanbid en julle vra: ‘Hoe het daardie mense hulle gode gedien? Ons wil ook so doen.’

31“Julle moenie julle God die Here só dien nie, want daardie mense doen slegte dinge vir hulle gode, die Here hou nie daarvan nie. Hulle doen dinge wat Hy haat, ja, hulle verbrand ook hulle kinders vir hulle gode.

32Julle moet alles doen wat ek vir julle sê, julle moet niks daarby sit en julle moet niks daarvan wegvat nie.”

Deuteronomium 13

Die Israeliete mag nie ander gode dien nie

1Moses het gesê: “Miskien sal een van julle mense sê hy is ’n profeet, en ’n ander persoon sal miskien sê hy weet wat drome beteken. Iemand sal miskien vir julle ’n teken wys of ’n wonderwerk doen.

© Bible Society of South Africa.

2Miskien sal die dinge gebeur wat hy gesê het toe hy die teken of die wonderwerk gedoen het, en hy sal dan sê: ‘Kom ons gaan dien ander gode,’ gode wat julle nie geken het nie.

3Dan moet julle nie luister na daardie profeet of daardie persoon wat sê hy weet wat drome beteken nie, want dan is dit julle God die Here wat vir julle toets. Julle God die Here wil weet of julle lief is vir Hom met julle hele hart.

4Julle moet altyd julle God die Here dien en eer. Julle moet Hom respekteer en doen wat sy wette sê, julle moet gehoorsaam wees aan Hom en Hom dien, julle moet lewe soos Hy wil hê.

5Maar daardie profeet of daardie persoon wat sê hy weet wat drome beteken, moet sterf, want hy wou julle opstandig maak teen julle God die Here. En Hý is die God wat julle uit die land Egipte gebring het, Hý het julle losgekoop uit die land waar julle slawe was. Daardie persoon wou hê julle moet ophou lewe soos julle God die Here vir julle gesê het. Julle moet duidelik wys dat die ander Israeliete nie saam met hom skuldig is nie.

6“Miskien sal jou eie broer of jou seun of jou dogter of jou vrou met wie jy getroud is of jou goeie vriend vir jou wil verlei. Daardie persoon sal saggies vir jou sê waar niemand anders dit kan hoor nie: ‘Kom ons gaan dien ander gode.’ Dit sal gode wees wat julle en julle voorvaders nie geken het nie,

7gode van die volke wat rondom julle is, naby of ver, oral op die aarde.

8Wanneer dit gebeur, dan moet julle nie doen wat daardie persoon wil hê nie. Julle moenie luister nie, julle moenie jammer wees vir so ’n persoon nie, julle moenie hom of haar vergewe en beskerm nie.

9Julle moet so ’n persoon doodmaak, julle móét dit doen. Iemand wat die naaste aan hom is, moet begin om hom dood te maak, en die ander mense moet help.

10Julle moet hom doodgooi met klippe, want hy het probeer om julle weg te lei van julle God die Here wat vir julle uit die land Egipte gebring het, die land waar julle slawe was.

11Al die Israeliete moet hoor wat julle gedoen het en hulle moet bang word, sodat niemand weer so ’n slegte ding daar by julle sal doen nie.

12“Miskien sal julle iets hoor in een van die stede wat julle God die Here vir julle gee om in te woon.

13Julle sal miskien hoor dat slegte mense daar by julle die mense in hulle stad wou verlei en vir hulle gesê het: ‘Kom ons gaan dien ander gode,’ gode wat julle nie geken het nie.

© Bible Society of South Africa.

14Wanneer julle dit hoor, dan moet julle vra wat gebeur het en julle moet alles uitvind en seker maak. As julle sien dat dit die waarheid is, en dat so ’n slegte ding gebeur het,

15dan moet julle al die mense in die stad doodsteek met swaarde, julle moet die hele stad verwoes, niemand moet aanhou lewe nie, ook nie die diere nie.

16Julle moet al die goed opmekaar gooi op die oop stuk grond en julle moet dit verbrand. Die stad en alles in hom moet heeltemal ’n offer vir die Here wees. Daardie stad moet altyd net ’n hoop klippe wees, niemand moet die mure weer bou nie.

17Julle moenie vir julleself iets neem van die goed wat julle moet verwoes nie. As julle doen wat die Here sê, dan sal Hy ophou om kwaad te wees en Hy sal weer jammer wees vir julle, Hy sal julle baie laat word, soos Hy belowe het vir julle voorvaders.

18Want dan is julle gehoorsaam aan julle God die Here, en dan doen julle alles wat Hy wil hê, alles wat ek vandag vir julle sê. Dan doen julle dinge wat reg is vir die Here.”

Deuteronomium 14

Die Israeliete is die Here se eie volk

1Moses het gesê: “Julle is kinders van julle God die Here. Julle mag nie julleself stukkend sny of julle voorkop kaal skeer omdat julle hartseer is omdat iemand gesterf het nie,

2want julle is die gewyde volk van julle God die Here. Die Here het vir júlle gekies uit al die ander volke op die aarde om aan Hom te behoort en om sy eie volk te wees.”

Rein en onrein vleis

3“Julle mag nie iets eet wat die Here haat nie.

4Julle mag net hierdie diere se vleis eet: beeste, skape, bokke,

5rooi takbokke, gaselle, vaal takbokke, klipbokke, oer-osse, bergbokke.

6Julle mag die vleis eet van enige dier wat gesplete hoewe het en wat sy kos herkou.

7Maar julle mag nie die vleis eet van diere wat herkou maar wat nie gesplete hoewe het nie, ook nie die vleis van diere wat gesplete hoewe het maar wat nie herkou nie. Kamele en hase en dassies herkou maar hulle het nie gesplete hoewe nie. Hulle is onrein vir julle.

8Varke het gesplete hoewe, maar hulle herkou nie. Hulle is onrein vir julle. Julle mag nie hierdie diere se vleis eet nie en julle mag nie aan hulle dooie liggame raak nie.

© Bible Society of South Africa.

9Julle mag al die diere in die water eet wat vinne en skubbe het,

10maar julle mag niks eet wat nie vinne en skubbe het nie, dit is onrein vir julle.

11Julle mag die vleis van enige rein voël eet.

12-18Die voëls wat julle nie mag eet nie, is: arende, aasvoëls, vis-arende, valke, kraaie, volstruise, seemeeue, uile, pelikane, visvangers, duikers, ooievaars, reiers, hoep-hoepe, en ook vlermuise.

19Al die insekte wat vlerke het, is onrein vir julle, julle mag dit nie eet nie.

20Julle mag net rein voëls eet.

21"Julle mag nie die vleis eet van enige dier wat self gevrek het nie, julle mag dit vir die vreemdelinge gee wat by julle woon sodat hulle dit kan eet. Of julle mag daardie vleis verkoop aan mense wat nie Israeliete is nie. Hoekom? Want julle is die gewyde volk van julle God die Here. "Julle mag nie 'n bok-lam kook in sy ma se melk nie."

Tiendes

22"Julle moet elke jaar een tiende van alles wat julle geplant het en wat julle uit die grond kry, apart hou.

23Dan moet julle dit eet op die plek wat julle God die Here sal kies om self daar te woon, daar waar Hy is. Julle moet die tiende van julle koring en julle wyn en julle olyf-olie daar eet, en ook die vleis van die eerste kalwers en lammers, sodat julle kan leer om julle God die Here altyd te eer.

24Maar miskien is daardie plek te ver van julle, die plek wat julle God die Here sal kies om daar te woon, en miskien kan julle nie die tiendes daarnatoe dra nie, die tiendes van die dinge waarmee julle God die Here julle geseën het.

25Dan mag julle die tiendes verkoop en die geld saamneem na die plek wat julle God die Here sal kies.

26Daar mag julle dan alles koop wat julle wil hê: beeste, skape, bokke, wyn, bier, enige iets wat julle wil hê. En dan moet julle eet en feesvier daar waar julle God die Here dit kan sien, julle en julle huisgesinne.

27En julle moenie vergeet om die Leviete wat by julle woon ook te nooi om saam met julle fees te vier nie, want hulle het nie grond gekry saam met julle nie.

28"Elke drie jaar moet julle die hele tiende van alles wat julle in daardie jaar kry, in julle woonplekke bêre.

29Die Leviete het nie hulle eie grond saam met julle gekry nie, en hulle mag dan kom en hulle mag eet totdat hulle genoeg het. Die vreemdelinge en die weeskinders en die weduwees wat by julle woon, mag ook kom eet. Dan sal julle God die Here dit goed laat gaan met alles wat julle doen."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Deuteronomium 15

Die Israeliete moet elke sewende jaar sê dat mense die geld mag hou wat hulle skuld

1Moses het gesê: “Julle moet elke sewende jaar sê dat mense die geld mag hou wat
hulle vir julle skuld, hulle moenie die geld terugbetaal nie.

2Dit beteken: Almal wat vir mense geld geleen het, mag nie vra dat mense dit moet
terugbetaal nie. Hulle mag nie sê ’n ander Israeliet moet sy skuld betaal nie, want dit
is die Here wat besluit het dat dit elke sewende jaar so moet gebeur.

3Julle mag vir mense wat nie Israeliete is nie, sê hulle móét betaal, maar vir ander
Israeliete moet julle sê hulle mag die geld hou, hulle moenie die geld terugbetaal wat
hulle vir julle skuld nie.

4Die Here sal julle seën in die land wat julle God die Here vir julle sal gee, julle eie
land wat julle vir julleself moet vat. Daarom sal daar nie arm mense by julle wees nie,
dit is seker.

5Maar dan moet julle baie gehoorsaam wees en luister na wat julle God die Here sê.
Julle moet doen wat al hierdie wette sê wat ek vandag vir julle gee.

6Wanneer julle God die Here julle seën, soos Hy vir julle belowe het, dan sal julle vir
die mense van baie volke geld kan leen, maar julle sal nie self geld moet leen nie,
julle sal genoeg hê. Julle sal oor baie ander volke regeer, en hulle sal nie oor julle
regeer nie.

7In die woonplekke in die land wat julle God die Here vir julle gee, sal daar miskien
party van julle eie mense wees wat arm is. Dan moet julle vir hulle help, julle harte
moenie hard wees en julle hande moenie toe wees vir julle arm naaste nie.

8Nee, julle moet graag gee, julle moet vir so iemand alles leen wat hy moet hê.

9Jy mag nie onvriendelik wees met jou naaste en niks vir hom wil leen nie omdat die
sewende jaar naby is, die jaar wanneer jy moet sê dat mense wat vir julle geld skuld,
dit mag hou. Iemand wat dit doen, doen ’n verkeerde ding. Want as jy nie vir hom wil
help nie, dan sal hy miskien vir die Héré vra om hom te help, en jy sal skuldig wees
omdat jy verkeerd gedoen het.

10Julle moet graag gee en julle moenie ontevrede wees wanneer julle gee nie, want
as jy graag gee, dan sal jou God die Here dit goed laat gaan met jou, met alles wat jy
doen.

11Daar sal altyd arm mense in die land wees. Daarom sê ek vir julle dat julle graag
moet gee vir die mense wat hulleself nie kan help nie, vir die arm mense in die land.”

Die Israeliete moet Hebreeuse slawe na ses jaar vry laat weggaan

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12“Wanneer ’n ander Israeliet, ’n Hebreeuse man of vrou, homself aan jou verkoop het, en hy het ses jaar lank vir jou gewerk, dan moet jy hom in die sewende jaar vry laat weggaan.

13En wanneer jy hom vry laat weggaan, dan moet jy vir hom iets gee wanneer hy weggaan.

14Jy moet vir hom genoeg gee van jou skape en bokke en van jou koring en jou wyn, jy moet vir hom gee van die dinge wat jy het omdat jou God die Here jou geseën het.

15Jy moet onthou dat jy ’n slaaf was in die land Egipte, en dat jou God die Here jou losgekoop het. Dit is hoekom ek vandag dit vir jou sê.

16Maar miskien sal die slaaf vir jou sê hy wil nie weggaan van jou nie, want hy is lief vir jou en jou huisgesin en hy woon lekker by jou.

17Dan moet jy ’n els neem en jy moet dit deur sy oor in die deur steek. Hy sal dan altyd jou slaaf wees. Jy moet dieselfde doen met jou slavin.

18Dit moenie vir jou swaar wees wanneer jy hierdie slaaf vry laat weggaan nie, want as jy hom nie gehad het nie, dan moes jy ses jaar lank twee maal soveel dagloners gehuur het. As jy dit doen, dan sal jou God die Here dit goed laat gaan met alles wat jy doen.”

Die Israeliete moet die eerste kalwers en lammers aan die Here wy

19“Jy moet elke eerste bul-kalf en ram-lam wat jy kry, aan julle God die Here wy. Jy mag nie ’n eerste bul-kalf laat werk nie en jy mag nie ’n eerste ram-lam se wol afskeer nie.

20Jy moet elke jaar die eerste kalf en die eerste lam gaan eet op die plek wat die Here sal kies, jy en jou huisgesin.

21Maar as daar iets verkeerd is met die kalf of die lam, as hy gebreklik of blind is of as daar ’n ander fout is, dan moet jy hom nie offer vir jou God die Here nie.

22Jy mag so ’n dier se vleis eet daar waar jy woon. Rein én onrein mense mag dit eet, soos hulle die vleis van ’n gasel of ’n takbok mag eet.

23Maar jy mag nie die bloed van die dier eet nie. Jy moet die bloed op die grond uitgooi soos water.”

Deuteronomium 16

Die Paasfees en die Fees van die Ongesuurde Brood

1Moses het gesê: “Jy moet die maand Abib onthou. Jy moet die Paasfees vir jou God die Here vier, want jou God die Here het julle in die maand Abib uit Egipte gebring, in die nag.

© Bible Society of South Africa.

2Jy moet ’n Paasfees-offer vir jou God die Here bring, jy moet ’n skaap of ’n bok of ’n bees slag op die plek wat die Here sal kies waar julle Hom moet aanbid.

3Jy moenie suurdeeg eet saam met die Paasfees-offer se vleis nie. Jy moet sewe dae lank ongesuurde brood eet saam met die vleis. Hierdie brood sal jou laat onthou dat julle swaargekry het toe julle vinnig uit die land Egipte moes gaan. So moet jy altyd die dag onthou toe julle uit Egipte gegaan het.

4Daar moet sewe dae lank niks suurdeeg in julle hele land wees nie. En daar mag nie van die vleis oorbly tot die volgende oggend nie, die vleis wat jy die aand van die eerste dag ge-offer het.

5Jy mag ook nie die Paasfees-offer bring in een van die woonplekke wat julle God die Here vir julle gee nie.

6Nee, jy moet die Paasfees-offer gaan offer op die plek wat jou God die Here sal kies sodat julle Hom daar kan aanbid. Jy moet dit in die aand doen wanneer die son ondergaan. Dit was die tyd toe julle weggegaan het uit Egipte.

7Jy moet die vleis gaarmaak en eet op die plek wat jou God die Here sal kies. Die volgende oggend moet jy dan teruggaan na jou tent.

8Dan moet julle ses dae lank ongesuurde brood eet, en die sewende dag moet ’n gewyde feesdag wees vir julle God die Here. Dan mag julle nie werk doen nie.”

Die Fees van die Weke

9“Jy moet sewe weke tel van die dag wanneer julle begin om die koring af te sny met die sekel.

10Dan moet julle die Fees van die Weke vier vir jou God die Here. Jy moet self besluit hoeveel offers jy wil bring omdat jou God die Here jou geseën het.

11Julle moet feesvier voor julle God die Here op die plek wat Hy sal kies sodat julle Hom daar kan aanbid, julle en julle kinders, en julle slawe en slavinne, en die vreemdelinge en weeskinders en weduwees wat by julle woon.

12Julle moet onthou dat julle ook slawe was in die land Egipte en julle moet doen wat hierdie wette sê.”

Die Hutte-fees

13“Wanneer julle klaar koring getrap het op die dorsvloer en klaar wyn gemaak het in die parskuip, dan moet julle die Hutte-fees sewe dae lank vier.

14Julle moet saam feesvier, julle en julle kinders, en julle slawe en slavinne, en die vreemdelinge en weeskinders en weduwees wat by julle woon.

15Julle moet die fees sewe dae lank vir julle God die Here vier op die plek wat die Here sal kies, want julle God die Here sal dit goed laat gaan met julle koring-oeste en met alles wat julle doen. Julle sal graag hierdie fees wil vier.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Die Israeliete moet presente bring vir die Here

16“Al julle mans en seuns moet drie maal elke jaar julle God die Here kom aanbid op
die plek wat Hy sal kies. Hulle moet dit doen op die Fees van die Ongesuurde Brood,
die Fees van die Weke en die Hutte-fees. En elkeen moet iets saambring vir die
Here.

17Elkeen moet presente saambring, hy moet self besluit hoeveel hy wil gee omdat sy
God die Here hom geseën het en dit alles vir hom gegee het.”

Regters en leiers in die stede moet reg oordeel

18“Julle moet regters en voormanne vir al die stamme kies en aanstel in al die
woonplekke wat julle God die Here vir julle gee. Hulle moet die mense oordeel en
hulle moet regverdig wees wanneer hulle besluit.

19Julle moenie sê skuldige mense is onskuldig en onskuldige mense is skuldig nie,
julle moenie téén party mense wees en vír ander mense wees nie. Julle moenie
presente neem van skuldige mense en dan sê hulle is onskuldig nie, want presente
maak wyse mense blind en laat dit sleg gaan met mense wat reg doen.

20Julle moet reg doen, julle moet nét reg doen, sodat julle kan aanhou lewe in die
land wat julle God die Here vir julle gee.”

Die Israeliete mag nie gewyde pale en klip-pale in die grond plant nie

21“Julle mag nie vir julle gewyde pale in die grond plant by die altaar wat julle vir
julle God die Here maak nie.

22Julle mag nie klip-pale in die grond plant nie, die Here haat dit.”

Deuteronomium 17

Die Israeliete mag net diere offer wat heeltemal gesond is

1Moses het gesê: “Julle mag nie vir julle God die Here ’n bul of ’n skaap-ram offer
wat gebreklik is of wat ’n siekte het nie, want julle God die Here sal so ’n offer haat.”

Mense wat ander gode dien, moet sterf

2“In een van die woonplekke wat julle God die Here vir julle gee, sal daar miskien ’n
man of ’n vrou wees wat dinge doen waarvan die Here nie hou nie en die man of die
vrou sal verkeerd doen teen die verbond van die Here.

3Die persoon sal miskien ander gode gaan dien en voor hulle buig, hy sal buig vir die
son of vir die maan of vir al die sterre in die lug. Ek het gesê julle mag dit nie doen
nie.

4Wanneer iemand dit vir jou sê of jy hoor dit, dan moet jy seker maak of dit waar is,
jy moet uitvind of daar regtig so iets in die land Israel gebeur, iets wat die Here haat.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5As dit regtig gebeur het, dan moet jy daardie man of vrou wat verkeerd gedoen het, uitbring na ’n poort, en jy moet die man of die vrou doodgooi met klippe.

6Maar julle mag dit net doen as twee of drie getuies gesê het dit is waar dat hy verkeerd gedoen het, hy mag nie sterf as daar net een getuie is nie.

7Die getuies moet die eerste klippe gooi om die persoon dood te maak, daarna moet die ander mense gooi. Julle moet duidelik wys dat julle nie saam met die persoon skuldig is nie.”

Wanneer dit moeilik is om te oordeel

8“Miskien is dit baie moeilik wanneer julle moet oordeel en moet besluit of iemand ’n ander persoon vermoor het, wanneer julle moet sê of iemand reg is of verkeerd is, en moet sê of iemand ’n ander persoon eerste aangeval en seergemaak het. Wanneer julle oor dinge moet besluit in julle woonplekke, en dit is vir julle moeilik om te besluit, dan moet julle dadelik gaan na die plek wat julle God die Here vir Hom sal kies, waar julle Hom moet aanbid.

9Daar moet julle vir die priesters van die nageslag van Levi en vir die regter wat daardie tyd daar is, vra wat julle moet doen, en hy sal vir julle sê wat julle moet besluit.

10Hulle sal dit vir julle sê op daardie plek wat die Here sal kies, en julle moet dit dan alles doen, julle moet presies doen wat hulle vir julle sê.

11Hulle sal vir julle sê wat die wette van die Here sê en wat julle moet besluit, en julle moet dit so doen. Julle moet alles doen wat hulle vir julle sê, julle moet dit presies so doen.

12’n Persoon wat opstandig is en wat nie luister na die regter of na die priester wat daar vir die Here moet werk nie, moet sterf. So sal julle duidelik wys dat die ander Israeliete nie saam met die persoon skuldig is nie.

13Al die mense moet dit hoor en hulle moet bang word, sodat nie een van hulle weer opstandig sal wees nie.”

Die koning van die Israeliete moet reg lewe

14“Wanneer julle by die land kom wat julle God die Here vir julle gee, sal julle die land vir julleself vat en julle sal daar gaan woon. Julle sal dan sê julle wil ’n koning kies en aanstel soos al die ander volke doen wat rondom julle woon.

15Dan moet julle ’n koning aanstel, maar dit moet die koning wees wat julle God die Here sal kies. Julle moet een van julle eie mense aanstel om koning oor julle te wees, julle mag nie iemand aanstel wat nie ’n Israeliet is nie.

16“En die koning moenie baie perde wil hê nie, en hy mag nie die volk terugneem na die land Egipte om baie perde vir homself te kry nie. Die Here het gesê julle moenie weer op daardie pad gaan nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17En ook, die koning moenie vir hom baie vroue neem en dan ophou om die Here te dien nie. En hy moenie baie silwer en goud wil hê nie.

18Wanneer hy koning word, dan moet hy hierdie wette oorskryf vir homself. Die wette is by die priesters van die nageslag van Levi.

19Die koning moet die wette altyd by hom hê en hy moet dit elke dag lees, sodat hy kan leer om sy God die Here te respekteer en om aan te hou om alles te doen wat die wette sê.

20Die koning moenie hoogmoedig wees en hom verbeel dat hy beter is as die ander Israeliete nie. Hy moet presies doen wat die wette sê, sodat hy en sy seuns ná hom lank sal regeer oor die Israeliete."

Deuteronomium 18

Die priesters moet dele van die offers kry

1Moses het gesê: "Die priesters van die nageslag van Levi, die hele Levi-stam, het nie 'n stuk van die land gekry saam met die ander Israeliete nie, hulle het nie grond gekry wat hulle eie grond is nie. Hulle mag die vuur-offers eet wat aan die Here behoort.

2Die priesters het nie hulle eie grond by die ander Israeliete nie. Die Here self behoort aan hulle, Hy het dit vir hulle belowe.

3Hier is die dinge wat die Israeliete vir die priesters moet gee: Elke persoon wat 'n bees of 'n skaap of 'n bok offer, moet vir die priester 'n skouerblad van die dier gee, ook die kakebene en die pens van die dier.

4Julle moet ook vir die priester die eerste koring en wyn en olyf-olie gee, ook die eerste wol en die eerste hare wat julle van julle skape en bokke afskeer.

5Julle moet dit doen omdat julle God die Here vir Levi en sy nageslag uit al die stamme gekies het om vir Hom in die tempel te werk.

6Ja, ook wanneer 'n Leviet 'n vreemdeling is op 'n ander plek en hy wil vir die Here kom werk, dan mag hy enige tyd uit enige plek in die hele land Israel kom na die plek wat die Here sal kies,

7en dan mag hy vir die Here werk soos die ander Leviete wat die werk vir die Here daar doen.

8Hy mag dieselfde kos eet wat hulle eet, ook wanneer hy van sy oupa of sy pa geld ge-erf het."

Die Israeliete moenie die dinge doen wat die ander volke doen nie

9"Wanneer julle in die land kom wat julle God die Here vir julle gee, dan moet julle nie leer om die dinge te doen wat daardie volke doen nie, die Here haat dit.

© Bible Society of South Africa.

10Niemand moet sy kind verbrand nie, niemand moet sê hy weet dinge wat ander mense nie kan weet nie. Hy moet ook nie sê hy sien tekens en hy weet wat sal gebeur nie, of hy kan toor,

11of hy kan met slange praat, of hy kan vir die gees van iemand wat dood is, vra wat sal gebeur, of hy is ’n waarsêer nie.

12Want die Here haat elke mens wat hierdie dinge doen, en daarom jaag die Here daardie volke weg om plek te maak vir julle.

13Julle moet aan die Here behoort met julle hele hart.

14Julle sal nou ander volke se grond gaan vat, daardie volke luister na mense wat sê hulle weet dinge wat ander mense nie kan weet nie, hulle luister na waarsêers, maar julle mag dit nie doen nie, julle God die Here wil nie hê dat julle dit moet doen nie.”

Die Here sal profete stuur

15“Julle God die Here sal een van julle stuur om ’n profeet te wees soos ek. Julle moet luister na daardie profeet.

16Julle het dit vir julle God die Here gevra by Horeb-berg toe julle daar bymekaar was. Julle het gesê: ‘Ons wil nie weer die stem van ons God die Here hoor nie, ons wil nie weer hierdie groot vuur sien nie, want dan sal ons sterf.’

17“Die Here het toe vir my gesê: ‘Hulle is reg,

18Ek sal vir hulle ’n profeet stuur, die profeet sal een van hulle eie mense wees. Ek sal vir hom sê wat hy moet sê, en hy sal vir hulle alles sê wat Ek vir hom sê.

19En Ek sal self die persoon straf wat nie luister na wat Ek sê wanneer Ek die profeet stuur nie.

20Maar as ’n profeet dink hy mag iets sê wat Ek nie gesê het hy moet sê nie, dan moet daardie profeet sterf, ook as die profeet sê ander gode het hom gestuur om iets te sê.’

21“Julle sal miskien dink: Hoe sal ons weet wanneer dit die Here is, en wanneer dit nie die Here is wat gepraat het nie?

22Wanneer ’n profeet sê die Here het hom gestuur om te sê iets sal gebeur, maar dit gebeur nie, dan sal julle weet die Here het dit nie gesê nie, dan het die profeet self gedink hy moet dit sê. Julle moenie bang wees vir wat daardie profeet sê nie.”

Deuteronomium 19

Daar moet asielstede wees

1Moses het gesê: “Julle God die Here sal die mense laat sterf en Hy sal hulle land vir julle gee. Julle sal hulle wegjaag en julle sal in hulle stede en huise gaan woon.

© Bible Society of South Africa.

2Dan moet julle drie stede kies om asielstede te wees in die land wat julle God die Here vir julle gee om vir julleself te vat.

3Julle moet die land in drie dele deel, en daar moet ’n asielstad in elke deel wees, sodat ’n persoon wat iemand anders doodgemaak het, na ’n asielstad kan vlug en maklik daar kan kom.

4As ’n persoon iemand anders doodgemaak het, maar hy wou dit nie doen nie, iemand wat nie voorheen sy vyand was nie, dan mag hy na een van die asielstede vlug sodat hy kan aanhou lewe.

5Byvoorbeeld: Wanneer ’n persoon saam met iemand anders na die bos gaan om hout te kap, en hy swaai die byl om ’n boom af te kap, en die ysterlem gly af van die byl se steel en dit val teen die ander persoon sodat hy sterf, dan mag die persoon wat die byl in sy hand gehad het, vlug na een van hierdie stede, hy mag aanhou lewe.

6As iemand wil vlug en daar is nie ’n asielstad naby nie, dan sal die naaste familielid van die persoon wat dood is, miskien die man wat hom doodgemaak het, kan volg en vang en hy sal die man doodmaak voordat hy by die asielstad kan kom. En dit sal nie reg wees nie, want die man was nie voorheen die persoon se vyand nie, hy moenie sterf nie.

7Dit is hoekom ek sê dat daar drie asielstede moet wees.

8Maar as julle God die Here vir julle ’n groot land gee, die hele land wat Hy aan julle voorvaders belowe het,

9dan moet julle daardie drie stede en nóg drie ander asielstede ook kies. Maar dan moet julle doen wat al die wette sê wat ek vandag vir julle gee. Julle moet lief wees vir julle God die Here en julle moet altyd lewe soos Hy wil hê.

10Julle mag niemand wat onskuldig is, doodmaak in die land wat julle God die Here vir julle gee sodat dit julle land kan wees nie. As dit gebeur, dan sal julle skuldig wees, soos ’n moordenaar.

11“Maar wanneer iemand ’n ander mens haat en hy wag vir hom en hy slaan hom dood en hy vlug dan na een van hierdie asielstede,

12dan moet die leiers van sy stad mense stuur en hulle moet hom wegvat uit die asielstad. Hulle moet hom gee vir die naaste familielid van die man wat hy doodgemaak het, sodat hy ook kan sterf.

13Julle moenie jammer wees vir hom nie, julle moet duidelik wys dat die ander Israeliete nie ook skuldig is nie, hulle het hom nie vermoor nie. Dan sal dit goed gaan met julle.”

Die grense tussen plase moet dieselfde bly

14“Julle moenie die klippe op die grens tussen jou en jou buurman op ’n ander plek sit nie. Mense het voorheen gesê waar die grense moet wees van die plase wat julle

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

sal kry in die land wat julle God die Here vir julle gee sodat julle dit vir julleself kan vat.”

Daar moet twee of drie getuies wees

15“Een getuie alleen mag nie teen iemand getuig en sê dat hy enige iets verkeerd gedoen het nie. Daar moet twee of drie getuies wees wat sê dat hy iets verkeerd gedoen het, so kan hulle bewys dat hulle die waarheid praat.

16’n Getuie wil miskien hê dat dit sleg moet gaan met iemand en dan jok hy en sê dat die persoon verkeerd gedoen het.

17Dan moet hulle altwee voor die Here kom staan, voor die regters en die priesters wat dan daar is,

18en die regters moet baie vrae vir hulle vra. Wanneer die regters dan uitvind dat die getuie nie die waarheid praat nie en dat hy die ander persoon vals beskuldig,

19dan moet hulle die getuie straf. Hy het iemand vals beskuldig, en nou moet hy dieselfde straf kry wat die persoon sou kry. Julle moet duidelik wys dat julle nie skuldig is saam met die vals getuie nie.

20Die ander mense wat dit hoor, moet so groot skrik dat niemand weer so ’n verkeerde ding sal doen nie.

21Julle moet dieselfde doen met almal. As iemand ’n ander persoon vermoor het en sy lewe gevat het, dan moet julle sy lewe ook vat. Die straf is: ’n lewe vir ’n lewe, ’n oog vir ’n oog, ’n tand vir ’n tand, ’n hand vir ’n hand, ’n voet vir ’n voet.”

Deuteronomium 20

Hoe die Israeliete oorlog moet maak

1Moses het gesê: “Wanneer julle gaan oorlog maak teen julle vyande en julle sien die perde en die oorlogkarre en manne wat meer is as julle, dan moet julle nie bang word vir hulle nie, want julle God die Here is by julle, julle God die Here wat julle uit die land Egipte gebring het.

2Wanneer julle gereedstaan om oorlog te maak, dan moet die priester nader kom en hy moet praat met julle manne.

3Hy moet vir die manne sê: ‘Israeliete, julle moet luister! Julle staan nou gereed om oorlog te maak teen julle vyande. Julle moenie moedeloos en bang word nie. Julle moenie skrik en bewe vir hulle nie,

4want dit is julle God die Here wat saam met julle gaan om julle te help om oorlog te maak teen julle vyande. Hy sal julle laat wen.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5“Die voormanne moet dan vir die manne sê: ‘Wie het ’n nuwe huis gebou, maar het nog nie daarin gaan woon nie? Hy moet teruggaan na sy huis, want as hy in die oorlog sterf, dan sal ’n ander man miskien daar gaan woon.

6En wie het ’n wingerd geplant, maar het nog nie van die druiwe geëet nie? Hy moet teruggaan na sy huis, want as hy in die oorlog sterf, dan sal ’n ander man miskien die druiwe eet.

7En wie is verloof aan ’n vrou, maar het nog nie met haar getrou nie? Hy moet teruggaan na sy huis, want as hy in die oorlog sterf, dan sal ’n ander man miskien met die vrou trou.’

8“Die voormanne moet ook vir die manne sê: ‘Wie het moedeloos en bang geword? Hy moet teruggaan na sy huis sodat hy nie die ander manne ook moedeloos laat word nie.’

9“Nadat die voormanne met die manne gepraat het, moet hulle offisiere kies en aanstel om hoofde van die leër te wees.

10Wanneer julle gereed is om oorlog te maak teen ’n stad, dan moet julle vir hulle vra of hulle vrede wil maak.

11En as hulle sê dat hulle vrede wil maak, en hulle maak die poorte van die stad oop vir julle, dan moet hulle altyd vir julle werk.

12As hulle nie vrede wil maak nie, maar hulle wil oorlog maak teen julle, dan moet julle die stad van al die kante aanval.

13En as julle God die Here julle laat wen, dan moet julle al die mans doodmaak.

14Julle moet die vroue en die kinders en die diere en alles wat in die stad is, vir julleself vat. Julle moet die goed van julle vyande gebruik, julle God die Here gee dit vir julle.

15Dit moet julle doen met al die stede wat baie ver van julle is, maar julle moenie dieselfde doen met die stede van hierdie volke wat hier is nie.

16Nee, julle moet niemand laat aanhou lewe in die stede van hierdie volke nie, die stede wat julle God die Here vir julle gee om julle stede te wees.

17Julle moet niemand laat lewe nie, julle moet hulle almal doodmaak soos julle God die Here vir julle gesê het, die Hetiete en die Amoriete en die Kanaäniete en die Feresiete en die Hewiete en die Jebusiete.

18As julle dit nie doen nie, dan sal hulle vir julle leer om al die dinge te doen wat hulle vir hulle gode doen. Die Here haat daardie dinge, julle moenie sonde doen teen julle God die Here nie.

© Bible Society of South Africa.

19Wanneer julle ’n stad ’n lang tyd van al die kante aanval en oorlog maak teen die
mense om hulle te oorwin, dan moet julle nie die vrugtebome afkap nie. Die bome is
nie mense teen wie julle moet oorlog maak nie, julle moet die bome se vrugte eet.

20Julle mag net die bome afkap as julle weet dit dra nie vrugte nie. Julle mag daardie
bome afkap en dit gebruik om dinge te maak om in die stad te kom, die stad
waarteen julle oorlog maak totdat die mure omval.”

Deuteronomium 21

Wanneer niemand weet wie iemand doodgemaak het nie

1Moses het gesê: “In die land wat julle God die Here vir julle gee om aan julle te
behoort, sal julle miskien iemand kry wat vermoor is en wat in die veld lê, maar julle
weet nie wie hom doodgemaak het nie.

2Dan moet julle leiers en regters gaan meet hoe ver dit is van die stede rondom die
plek waar die lyk lê.

3Die leiers van die stad wat die naaste is, moet ’n vers-kalf neem wat nog nie gewerk
het nie, ’n kalf wat nog nie ’n juk op haar nek gehad het en ’n ploeg getrek het nie.

4Hulle moet die vers-kalf uitbring na ’n vallei waar daar altyd water is en waar
niemand ploeg en saai nie. Hulle moet die vers-kalf se nek daar in die vallei breek.

5Dan moet die priesters van die nageslag van Levi nader kom, want julle God die
Here het hulle gekies om vir Hom te werk en om te sê dat Hy mense sal seën.
Daardie priesters moet oordeel wanneer mense twis en mekaar seermaak.

6Al die leiers van die stad wat naaste aan die lyk is, moet hulle hande was bokant die
dooie vers-kalf

7en hulle moet sê: ‘Ons het nie hierdie persoon doodgemaak nie en ons het nie
gesien wie dit gedoen het nie.

8Here, U moet versoening doen vir u volk Israel, U het hulle losgekoop, U moenie u
volk Israel straf oor iets wat hulle nie gedoen het nie.’ “Dan sal die Here versoening
doen vir die moord.

9Julle self moet alles wegvat wat julle skuldig kan maak, ja, julle moet dinge doen
waarvan die Here hou.”

Wanneer iemand trou met ’n vrou wat ’n gevangene is

10“Wanneer jy teen jou vyande gaan oorlog maak, en die Here laat jou wen, en jy
maak die mense jou gevangenes,

11dan sal jy miskien tussen die gevangenes ’n mooi vrou sien en verlief word op haar
en met haar wil trou.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Dan moet jy haar na jou huis bring, en sy moet haar hare afskeer en haar naels knip

13en haar klere uittrek, die klere wat wys dat sy ’n gevangene is. Sy moet dan in jou huis bly en ’n maand lank huil en treur oor haar ouers. Daarna kan jy met haar trou en by haar slaap, en dan kan sy jou vrou word.

14As jy later nie meer van haar hou nie, dan moet jy haar laat gaan waarnatoe sy wil gaan. Jy mag haar nie verkoop nie en jy moet haar nie ’n slavin maak nie, want jy het gesê sy móét met jou trou.”

Die reg van die oudste seun

15“’n Man het miskien twee vroue en hy hou baie van die een vrou, maar hy hou nie so baie van die ander vrou nie. Altwee vroue kry miskien seuns, en die oudste seun is die seun van die vrou van wie die man nie so baie hou nie.

16Wanneer die man sê wie sy goed moet erf, dan mag hy nie die regte van die oudste seun gee vir die seun van die vrou van wie hy baie hou nie, want dit is die regte van die oudste seun, die seun van die vrou van wie hy nie so baie hou nie.

17Nee, hy moet wys dat hy weet dat die oudste seun twee maal meer moet erf as die ander seun, ook as hy die seun is van die vrou van wie hy nie so baie hou nie. Hoekom? Want die oudste seun is sy eerste kind, en hý moet die regte van die oudste seun kry.”

‘n Hardkoppige en opstandige seun

18“Iemand het miskien ’n seun wat hardkoppig en opstandig is en wat nie luister na sy ouers nie. Die ouers sê vir hom hoe hy moet lewe, maar hy luister nie na hulle nie.

19Dan moet sy ouers hom na die leiers van die stad neem, na die poort van die stad waar hy woon.

20Sy ouers moet vir die leiers van die stad sê: ‘Hierdie seun van ons is hardkoppig en opstandig, hy doen nie wat ons sê nie, hy wil net eet en drink.’

21“Dan moet al die mans van die stad die seun doodgooi met klippe. Julle moet al die dinge wat sleg is, wegvat tussen julle. Al die Israeliete sal daarvan hoor en hulle sal bang word.”

Wanneer die Israeliete iemand ophang aan ’n paal

22“’n Regter straf miskien iemand en laat hom doodmaak, en hulle hang hom op aan ’n paal.

23Dan mag sy lyk nie in die nag aan die paal bly hang nie. Julle moet hom dieselfde dag begrawe. Julle moet dit doen, want God het die persoon vervloek wat aan die paal hang. Julle mag nie die grond ontwy wat julle God die Here vir julle gee om aan julle te behoort nie.”

Deuteronomium 22

© Bible Society of South Africa.

Diere en ander goed wat wegraak

1Moses het gesê: “Wanneer ’n bees of ’n skaap van ’n ander Israeliet wegraak, en jy
sien die dier, dan mag jy nie stilbly nie. Jy moet die dier terugbring vir sy eienaar, jy
móét dit doen.

2As die ander Israeliet te ver woon of as jy nie weet wie hy is nie, dan moet jy die
dier by jou huis hou, en die dier moet by jou bly totdat sy eienaar hom soek. Dan
moet jy die dier terugneem na sy eienaar toe.

3Jy moet dit ook doen wanneer jy ’n donkie of klere of enige iets van ’n ander
Israeliet kry wat weggeraak het. Jy mag nie stilbly nie.”

Diere wat val en bly lê

4“Wanneer jy sien dat ’n ander Israeliet se donkie of sy bees geval het op die pad en
daar lê, dan mag jy nie maak of jy niks sien nie. Jy moet die dier help om op te staan,
jy móét dit doen.”

Mansklere en vroueklere

5“Vroue mag nie mansklere dra nie, en mans mag nie vroueklere dra nie. Julle God
die Here haat mense wat dit doen.”

Voëlneste

6“Wanneer jy loop, dan sal jy miskien ’n voëlnes in ’n boom of op die grond kry. As
daar kleintjies of eiers in die nes is, en die ma sit op die nes, dan mag jy nie die ma
saam met die kleintjies of die eiers vir jouself vat nie.

7Jy mag die kleintjies of die eiers vir jouself vat, maar jy moet die ma laat gaan, jy
móét dit doen. Dan sal dit goed gaan met jou, en jy sal lank lewe.”

Nuwe huise

8“Wanneer jy ’n nuwe huis bou, dan moet jy ’n muurtjie op die kante van die dak
bou. As jy dit nie doen nie, en iemand val van die dak af, dan sal jy skuldig wees
wanneer hy sterf.”

Ander plante in ’n wingerd

9“Jy mag nie ander plante in jou wingerd saai nie. As jy dit doen, dan wy jy alles in
jou wingerd aan die Here, die saad van die plante wat jy gesaai het, én die druiwe. Jy
moet dan alles vir die Here gee.”

Diere wat ’n ploeg trek

10“Jy mag nie ’n bees en ’n donkie saam inspan om jou ploeg te trek nie.”

Klere van twee soorte materiaal, en tossels

11“Jy mag nie klere dra wat jy saam geweef het van wol-garing en linne-garing nie.

12Jy moet tossels vaswerk aan die vier hoeke van jou bo-kleed.”

Mans en vroue

13“’n Man trou miskien met ’n vrou en hy het seks met haar en dan hou hy nie meer
van haar nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Hy beskuldig haar en hy praat sleg van haar en sê: ‘Ek het getrou met hierdie vrou
en toe ek seks gehad het met haar, het ek gesien dat sy nie ’n maagd was nie.’

15“Dan moet die vrou se pa en ma vir die leiers in die stad se poort gaan wys dat
hulle dogter ’n maagd was.

16Die pa van die vrou moet vir die leiers sê: ‘Ek het my dogter vir hierdie man gegee
om sy vrou te wees, maar hy hou nie meer van haar nie.

17Hy beskuldig haar en hy sê hy het gesien dat sy nie ’n maagd was nie. Maar hier
wys ek nou vir julle dat sy ’n maagd was.’ “En dan moet die ouers die vrou se bo-
kleed wys waarop sy en haar man die eerste nag geslaap het.

18Die leiers van daardie stad moet dan die man straf.

19Hulle moet hom 100 sikkels silwer boete laat betaal en hulle moet die geld vir die
pa van die vrou gee, want die man het sleg gepraat van ’n jong vrou van die volk
Israel. Die man moet dan die vrou altyd hou, hy mag nie van haar skei nie.

20Maar as die man reg was, en hulle vind uit dat die vrou nie ’n maagd was nie,

21dan moet hulle die vrou na haar pa se huis bring, en die mans van die stad moet
haar doodgooi met klippe. Sy het ’n verkeerde ding gedoen, sy het skande gebring in
die volk Israel. Sy het in haar pa se huis seks gehad met ander mans. En julle moet
duidelik wys dat julle nie skuldig is saam met haar nie.

22“Wanneer ’n man seks het met ’n ander man se vrou en julle vind dit uit, dan moet
hulle altwee sterf, die man wat seks gehad het met die vrou én die vrou. Julle moet
duidelik wys dat die ander Israeliete nie skuldig is saam met hierdie twee mense nie.

23Wanneer ’n jongmeisie verloof is aan ’n man en ’n ander man kry haar in ’n stad
en hy het seks met haar,

24dan moet julle hulle altwee na die poort van daardie stad bring en julle moet hulle
doodgooi met klippe. Die meisie moet sterf omdat sy nie geskree het nie en die man
moet sterf omdat hy seks gehad het met iemand anders se vrou. Julle moet duidelik
wys dat julle nie skuldig is saam met hulle nie.

25Maar as ’n man ’n verloofde meisie in die veld kry en hy verkrag haar, dan moet die
man alleen sterf.

26Julle moenie iets aan die meisie doen nie, want sy het nie iets gedoen waaroor sy
moet sterf nie. Dit is soos wanneer iemand ’n ander mens kry en hom vermoor.

27Die man het die meisie in die veld gekry, en sy het miskien geskree en gevra dat
iemand haar moet help, maar daar was niemand om haar te help nie.

28“As ’n man ’n meisie kry wat nie verloof is nie en hy gryp haar en hy het seks met
haar,

© Bible Society of South Africa.

29dan moet die man 50 stukke silwer vir die meisie se pa gee en hy moet met die meisie trou. Hy mag nooit van haar skei nie, want hy het haar verkrag.

30'n Man mag nie trou met sy pa se vrou nie. 'n Seun mag nie seks hê met 'n vrou wat by sy pa geslaap het nie."

Deuteronomium 23

Mense wat nie in die volksvergadering mag kom nie

1Moses het gesê: "As mense 'n man se geslagsorgaan stukkend geslaan of afgesny het, dan mag hy nie in die volksvergadering van die Here kom nie.

2Partymaal het 'n man en 'n vrou seks, maar hulle mag dit nie doen nie. As hulle 'n kind kry, dan mag daardie kind nie in die volksvergadering van die Here kom nie. Hulle nageslag mag ook nie in die volksvergadering van die Here kom nie, tot in die tiende geslag.

3'n Ammoniet en 'n Moabiet mag nie in die volksvergadering van die Here kom nie. Hulle nageslag mag ook nie in die volksvergadering van die Here kom nie, tot in die tiende geslag.

4Want die Ammoniete en Moabiete wou nie vir julle kos en water gee toe julle uit Egipte gekom het nie. Die koning van Moab het ook vir Bileam seun van Beor gehuur om julle te vervloek. Bileam het gekom van die stad Petor in die land Mesopotamië,

5maar julle God die Here wou nie doen wat Bileam gevra het nie, julle God die Here het vir Bileam gesê hy mag julle nie vervloek nie, Bileam moes julle seën. Julle God die Here het dit gedoen omdat Hy lief is vir julle.

6Julle mag nooit die Ammoniete en die Moabiete help sodat hulle vrede het en dit goed gaan met hulle nie.

7Maar julle mag nie die Edomiete verneder nie, want hulle is familie van julle. Julle mag ook nie die Egiptenaars verneder nie, want julle was vreemdelinge in hulle land.

8Kinders van die derde geslag van Edomiete en Egiptenaars mag in die volksvergadering van die Here kom."

Wanneer die Israeliete in 'n kamp is, dan moet die kamp gewyd bly

9"Wanneer julle in 'n kamp woon omdat julle oorlog gaan maak teen vyande, dan moet julle oppas, julle moet niks doen wat verkeerd is nie.

10Wanneer daar in die nag met 'n man iets gebeur het wat hom onrein laat word, dan moet hy uit die kamp gaan, hy mag nie in die kamp bly nie.

11Wanneer dit aand word, dan moet hy hom was, en wanneer die son ondergaan, dan mag hy terugkom in die kamp.

© Bible Society of South Africa.

12Julle moet buite die kamp ’n plek maak wat julle kan gebruik soos ’n toilet en julle
moet daarnatoe gaan wanneer iemand moet gaan ontlas.

13Die persoon wat daarnatoe gaan, moet ’n tentpen saamneem, en wanneer hy klaar
gesit het, moet hy ’n gat grawe en sy ontlasting toemaak.

14Julle God die Here gaan saam met julle in julle kamp om julle te red en om julle te
laat wen teen julle vyande. Daarom moet julle kamp gewyd wees, sodat die Here nie
iets sal sien waarvan Hy nie hou nie, want dan sal Hy weggaan van julle.”

Slawe wat wegvlug van hulle eienaars

15“Wanneer slawe wegvlug van hulle eienaars en hulle kom na julle toe, dan mag
julle nie die slawe teruggee vir hulle eienaars nie.

16Die slawe mag by julle woon waar hulle wil, hulle mag woon in julle stede, op enige
plek wat hulle kies. Julle mag hulle nie laat swaarkry nie.”

Tempel-prostitute

17“’n Israelitiese vrou of man mag nie ’n tempel-prostituut wees nie.

18Julle mag nie die beloning van ’n prostituut of die geld wat ’n mansprostituut kry,
in die tempel gebruik om ’n gelofte te betaal nie. Die Here haat altwee.”

Rente

19“Julle mag nie vir Israeliete sê hulle moet rente betaal wanneer julle geld of kos of
enige iets vir hulle leen nie.

20Jy mag sê mense wat nie Israeliete is nie, moet rente betaal, maar julle mag nie vir
Israeliete sê hulle moet rente betaal nie. As julle gehoorsaam is aan julle God die
Here, dan sal Hy julle seën in die land waarnatoe julle gaan om dit vir julleself te
vat.”

Geloftes

21“Wanneer jy ’n gelofte gemaak het aan die Here, dan moet jy dadelik doen wat jy
belowe het, want jou God die Here wil hê jy moet dit doen. As jy dit nie doen nie,
dan doen jy sonde.

22Maar as jy nie ’n gelofte maak nie, dan sal jy nie sonde doen nie.

23Jy moet doen wat jy gesê het, jy het self besluit om ’n gelofte aan die Here te maak
en jy het dit self gesê.”

Wingerde en koringlande

24“Wanneer jy in iemand se wingerd kom, dan mag jy so baie druiwe eet soos jy wil,
jy mag eet totdat jy genoeg het, maar jy mag nie druiwe in jou sak saamneem nie.

25As iemand nog nie sy koring afgesny het nie, en jy kom in sy koringland, dan mag
jy koring-are pluk met jou hand maar jy mag nie die koring afsny met ’n sekel nie.”

Deuteronomium 24

’n Vrou wat geskei is

© Bible Society of South Africa.

[1]Moses het gesê: "'n Man trou miskien met 'n vrou, maar hy hou later nie meer van haar nie omdat hy uitgevind het dat daar iets verkeerd is met haar. Dan moet hy vir haar 'n skeibrief skryf en hy moet dit vir haar gee en sê sy moet weggaan uit sy huis.

[2]Wanneer sy weggegaan het, dan trou sy miskien met 'n ander man,

[3]maar die tweede man hou later ook nie meer van haar nie. Hy skryf vir haar 'n skeibrief en gee dit vir haar en sê sy moet weggaan uit sy huis. Of miskien sterf die tweede man met wie sy getrou het.

[4]Dan mag haar eerste man wat van haar geskei het, nie weer met haar trou nie. Sy het onrein geword en die Here sal nie daarvan hou dat sy weer trou met haar eerste man nie. Julle moenie sonde in die land bring nie, die land wat julle God die Here vir julle gee om aan julle te behoort."

Ander wette

[5]"Wanneer 'n man die eerste maal getrou het met 'n vrou, dan mag hy nie saam met die leër gaan om oorlog te maak nie. Hy moet niks anders doen nie, hy mag 'n jaar lank by die huis bly en gelukkig wees met die vrou met wie hy getrou het.

[6]"Jy mag nie iemand se maalklippe of die boonste klip van sy koringmeul vat wanneer hy geld vir jou skuld nie.

[7]"Julle vang miskien iemand wat 'n ander Israeliet steel en wat hom 'n slaaf maak en hom verkoop. Daardie dief moet dan sterf. Julle mag nie saam met hom skuldig wees nie.

[8]"Julle moet versigtig wees wanneer iemand melaats is, julle moet alles doen wat die priesters uit die nageslag van Levi vir julle sê, julle moet doen soos ek vir hulle gesê het.

[9]Julle moet onthou wat julle God die Here met Mirjam gedoen het toe julle uit Egipte gekom het.

[10]"Wanneer jy vir iemand iets leen, dan mag jy nie in sy huis ingaan om iets te vat omdat hy die geld vir jou skuld nie.

[11]Jy moet buite wag, die man wat geld van jou geleen het, moet vir jou iets buitetoe bring omdat hy geld vir jou skuld.

[12]As hy 'n baie arm mens is, en jy het sy bo-kleed gevat omdat hy die geld vir jou skuld, dan mag jy nie in sy bo-kleed slaap nie.

[13]Jy moet sy bo-kleed teruggee wanneer die son ondergaan sodat hy daarin kan slaap en sodat hy jou kan seën. Jou God die Here sal dan tevrede wees dat jy reg doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14“Jy mag nie die beloning hou wat ’n dagloner moet kry nie, dit maak nie saak of dit ’n arm Israeliet is wat niks het nie, of ’n vreemdeling wat in jou land woon in een van jou stede nie.

15Jy moet sy beloning elke dag gee voordat die son ondergaan, want hy is arm en hy moet die geld gebruik om te lewe. As jy dit nie doen nie, dan sal hy tot die Here bid, en die Here sal jou straf oor daardie sonde.

16“Julle mag nie ’n pa doodmaak omdat sy kind verkeerd gedoen het nie, en julle mag nie kinders doodmaak omdat hulle pa iets verkeerd gedoen het nie. Elkeen moet sterf oor dit wat hyself verkeerd gedoen het.”

Vreemdelinge, weeskinders en weduwees

17“Jy moet reg doen aan vreemdelinge en weeskinders, en jy mag nie ’n weduwee se klere vat as sy geld vir jou skuld nie.

18Jy moet onthou dat jy ’n slaaf was in Egipte en dat jou God die Here jou daar losgekoop het. Daarom sê ek jy moet hierdie ding doen.

19Wanneer jy jou koring afsny in jou koringland, en jy los ’n koring-aar in die land, dan mag jy nie teruggaan om die koring-aar te gaan haal nie. Jy moet dit daar los vir die vreemdeling en die weeskind en die weduwee. Dan sal jou God die Here dit goed laat gaan met alles wat jy doen.

20Wanneer jy die vrugte van jou olyfbome afslaan, dan mag jy nie weer gaan om die olywe te pluk wat agter jou oorgebly het nie. Jy moet dit daar los vir die vreemdeling en die weeskind en die weduwee.

21Wanneer jy die druiwe in jou wingerd pluk, dan mag jy nie weer gaan om die trosse te pluk wat agter jou oorgebly het nie. Jy moet dit daar los vir die vreemdeling en die weeskind en die weduwee.

22Jy moet onthou dat jy ’n slaaf was in Egipte. Daarom sê ek jy moet hierdie ding doen.”

Deuteronomium 25

Straf en slaan

1Moses het gesê: “Partymaal stry mense en hulle gaan hof toe, en die regter in die hof sê wie is onskuldig en wie is skuldig.

2As die regter sê dat die persoon skuldig is en dat hulle hom moet slaan, dan moet die persoon gaan lê en die regter moet kyk dat hulle die persoon slaan. Die regter sê hoeveel houe hy moet kry vir die verkeerde ding wat hy gedoen het.

3Hy mag 40 houe kry, nie meer nie. As hy meer as 40 houe kry, dan verneder hulle hom. Hulle moenie dit doen nie, want hy is ook ’n Israeliet.”

© Bible Society of South Africa.

’n Bees op die dorsvloer

4“Jy mag nie ’n bees se bek toebind wanneer hy op die dorsvloer werk nie.”

Die swaershuwelik

5“Wanneer broers in dieselfde huis woon, en een van hulle sterf maar hy het nie ’n seun nie, dan mag sy weduwee nie trou met ’n man wat nie familie is van hulle nie. Haar man se broer moet met haar trou en hy moet haar man word.

6Die eerste seun wat sy kry, moet dan die naam kry van die broer wat gesterf het, sodat die Israeliete sy naam sal onthou.

7Maar as die broer van haar oorlede man nie met haar wil trou nie, dan moet sy na die poort gaan, na die leiers toe, en sy moet vir hulle sê: ‘My swaer wil nie hê dat die Israeliete die naam van sy broer moet onthou nie, hy wil nie met my trou nie.’

8“Dan moet die leiers van sy stad die swaer roep en met hom praat. As hy dan daar staan en hy sê: ‘Ek wil nie met haar trou nie,’

9dan moet sy broer se vrou nader kom waar die leiers dit sien, en sy moet sy sandaal van sy voet afhaal. Sy moet in die man se gesig spoeg en sê: ‘Dit is wat ’n mens doen met ’n man wat nie vir sy broer wil help om ’n nageslag te kry nie.’

10“Al die Israeliete sal dan sê hierdie man se huisgesin is die huisgesin van die man wat sy sandaal verloor het.”

‘n Vrou wat haar man wil help

11“Wanneer twee mans baklei, en die een man se vrou kom nader om haar man te help teen die man wat hom slaan, en sy gryp die ander man se geslagsorgane,

12dan moet julle haar hand afsny, julle moenie jammer wees vir haar nie.”

Gewigte en mate

13“Jy moenie skelm wees wanneer jy iets weeg of meet nie. Jy moenie twee soorte gewigte, grotes en kleintjies, in jou sak hê nie.

14Wanneer jy iets meet, dan moet jy nie twee soorte maatlyne, grotes en kleintjies, in jou huis hê nie.

15As jy lank wil lewe in die land wat jou God die Here vir jou gee, dan moet jy gewigte en mate gebruik wat reg en eerlik is.

16Want die Here haat dit wanneer mense oneerlik is.”

Die Amalekiete

17“Julle moet onthou wat die Amalekiete aan julle gedoen het toe julle uit Egipte gekom het.

18Hulle was agter julle en het julle aangeval toe julle swak en moeg was, hulle het die mense aangeval wat stadig geloop het omdat hulle moeg was. Die Amalekiete was nie bang vir God nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Julle God die Here sal julle laat wen teen al julle vyande, oral in die land wat Hy vir julle gee om aan julle te behoort en om vir julleself te vat. Dan moet julle al die Amalekiete doodmaak, niemand op die aarde moet hulle onthou nie. Julle moenie vergeet om dit te doen nie."

Deuteronomium 26

Die eerste vrugte

1Moses het gesê: "Wanneer jy in die land kom wat jou God die Here vir jou gee om aan jou te behoort en jy vat die land en jy gaan woon daarin,

2dan moet jy van die eerste vrugte neem wat jy gepluk het in die land wat jou God die Here vir jou gee en jy moet die vrugte in 'n mandjie sit. Jy moet gaan na die plek wat jou God die Here sal kies waar julle Hom moet aanbid.

3Jy moet gaan na die priester wat in daardie tyd daar sal wees, en jy moet vir hom sê: 'Ek sê vandag hier waar die Here dit ook kan hoor: Die Here het vir ons voorvaders belowe dat Hy hierdie land vir ons sal gee, en ek het nou in die land gekom.'

4"Die priester moet dan die mandjie van jou neem en hy moet dit neersit voor die altaar van jou God die Here.

5Daarna moet jy begin praat, jy moet sê waar jou God die Here dit kan hoor: 'My voorvader was 'n Arameër wat rondgeswerf het. Hy het na die land Egipte gegaan, en hy en 'n klein groepie mense was daar vreemdelinge. Maar ons het daar 'n groot en sterk volk geword, ons is nou baie mense.

6Die Egiptenaars het ons laat swaarkry en hulle het slegte dinge aan ons gedoen, hulle het ons soos slawe laat werk.

7Ons het gebid tot die Here, die God van ons voorvaders, en ons het gevra dat Hy ons moet help. Hy het ons gebed gehoor en Hy het gesien hoe hulle ons verdruk. Hy het gesien hoe sleg dit met ons gaan en hoe swaar ons kry.

8Die Here het ons toe uit Egipte gebring met sy groot krag. Hy het daardie mense baie bang laat word, Hy het tekens en wonderwerke gedoen,

9en Hy het ons gebring na hierdie plek. Hy het hierdie land vir ons gegee. Dit is 'n land waar daar baie melk en heuning is.

10En kyk nou hier, ek het die eerste vrugte gebring van die land wat die Here vir my gegee het.' "Dan moet jy die mandjie voor die Here neersit en jy moet buig voor jou God die Here.

11Daarna moet jy en die Leviete en die vreemdelinge wat by julle woon, feesvier en julle moet al die goeie dinge geniet wat die Here vir jou en jou huisgesin gegee het."

Die tiendes

© Bible Society of South Africa.

12“Jy moet elke derde jaar jou tiendes gee. Wanneer jy jou tiendes klaar apart gesit
het, die tiendes van jou koring-oes wat jy in daardie jaar gekry het, dan moet jy dit
gee vir die Leviete, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees. Hulle moet
dit eet in julle stede en hulle moet genoeg kry.

13Dan moet jy daar by jou God die Here sê: ‘Ek het alles wat ek aan die Here
moes wy, weggeneem uit my huis en ek het dit gegee vir die Leviete, die
vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees. Ek het gedoen wat U in al u wette
gesê het. Ek was gehoorsaam aan al u wette, ek het u wette nie vergeet nie.

14Ek het nie van daardie kos geëet toe ek gerou het nie, ek het niks daarvan
weggeneem toe ek onrein was nie, en ek het nie daarvan gegee vir iemand wat sterf
nie. Ek het geluister na my God die Here, ek het alles gedoen wat Hy gesê het.

15“ ‘Here, U moet afkyk uit u gewyde woonplek in die hemel. U moet u volk seën en
ook die land wat U vir ons gegee het. U het vir ons voorvaders belowe dat U vir ons
’n land sal gee waar daar baie melk en heuning is.’ ”

Die Israeliete sal die gewyde volk van die Here wees

16“Julle God die Here het vandag vir julle gesê dat julle moet doen wat Hy gesê het
en wat Hy besluit het, julle moet dit doen met julle hele hart en lewe.

17Julle het vandag gesê dat die Here julle God sal wees. Julle het belowe dat julle sal
lewe soos Hy wil hê, dat julle alles sal doen wat sy wette sê, dat julle gehoorsaam sal
wees aan Hom.

18Die Here het vandag ook gesê dat julle sy volk sal wees. Hy het gesê dat julle aan
Hom behoort en dat julle baie kosbaar is. Hy het ook gesê dat julle alles moet doen
wat Hy sê.

19Hy sal julle belangriker maak as al die ander volke wat Hy gemaak het. Almal sal
julle prys, almal sal weet van julle en hulle sal julle respekteer. Julle sal die gewyde
volk van julle God die Here wees, soos Hy belowe het.”

Deuteronomium 27

Gedenkstene

1Moses en die leiers het vir die volk gesê: “Julle moet alles doen wat ek vandag vir
julle sê.

2Wanneer julle oor die Jordaan-rivier gegaan het na die land wat julle God die Here
vir julle gee, dan moet julle groot klippe regop laat staan en julle moet hulle wit verf
met kalk.

3Julle moet al die woorde van hierdie wet op die klippe skryf wanneer julle oor die
Jordaan-rivier gegaan het om in die land in te gaan wat julle God die Here vir julle

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

gee. Dit is ’n land waar daar baie melk en heuning is. Die Here, die God van julle voorvaders, het dit vir julle belowe.

4Wanneer julle oor die Jordaan-rivier gegaan het, dan moet julle daardie klippe regop gaan sit op die Ebal-berg en julle moet hulle wit verf met kalk. Ek het vandag met julle oor daardie klippe gepraat.”

Die altaar op Ebal-berg

5“Julle moet daar op Ebal-berg ’n altaar bou vir julle God die Here, ’n altaar van klippe, maar julle moenie die klippe stukkend kap nie.

6Julle moet die altaar bou van heel klippe en julle moet brand-offers op die altaar offer vir julle God die Here.

7Julle moet ook ete-offers bring en julle moet daar eet en feesvier by julle God die Here.

8Julle moet al die woorde van hierdie wet baie duidelik op die klippe skryf.”

Die Leviete moet party mense vervloek

9Moses en die priesters van die nageslag van Levi het vir al die Israeliete gesê: “Israeliete, julle moet stil wees en luister! Julle het vandag die volk van julle God die Here geword.

10Daarom moet julle gehoorsaam wees aan die Here en julle moet alles doen wat Hy gesê en besluit het, alles wat ek vandag vir julle sê.”

11Moses het daardie dag vir die volk gesê:

12“Wanneer julle oor die Jordaan-rivier gegaan het, dan moet party stamme op die Gerisim-berg gaan staan om die volk te seën. Hierdie stamme is: Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Josef en Benjamin.

13En die ander stamme moet op die Ebal-berg gaan staan om mense te vervloek. Hierdie stamme is: Ruben, Gad, Aser, Sebulon, Dan en Naftali.

14Die Leviete moet dan begin praat, hulle moet hard praat en vir al die Israeliete sê:

15‘Ons vervloek elke persoon wat ’n beeld maak en wat dit dien waar niemand anders dit sien nie. Die Here haat dit. ’n Beeld is iets wat ’n ambagsman maak.’ En die hele volk moet dan sê: ‘Ja, dit sal so wees.’

16“Die Leviete moet dan sê: ‘Ons vervloek elkeen wat nie sy pa en sy ma respekteer nie.’ En die hele volk moet sê: ‘Ja, dit sal so wees.’

17“Die Leviete moet dan sê: ‘Ons vervloek elkeen wat die grense van sy buurman se grond verander om vir homself meer grond te kry.’ En die hele volk moet sê: ‘Ja, dit sal so wees!’

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat 'n blinde mens op 'n verkeerde pad lei.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

19"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat nie reg doen aan vreemdelinge, of aan weeskinders en weduwees nie.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

20"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat seks het met sy pa se vrou, want hy verneder sy pa.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

21"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat seks het met 'n dier.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

22"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat seks het met sy suster, met 'n dogter van sy pa of sy ma.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

23"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat seks het met sy skoonma.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

24"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat iemand anders vermoor, ook wanneer niemand dit sien nie.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

25"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat geld neem en dan onskuldige mense laat sterf.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

26"Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat nie alles doen wat hierdie wet sê nie.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!' "

Deuteronomium 28

Seën en straf

1Moses het gesê: "As julle waarlik gehoorsaam is aan julle God die Here, as julle alles doen wat sy wette sê wat ek vandag vir julle gee, dan sal julle God die Here vir julle die belangrikste volk op die aarde maak.

2As julle gehoorsaam is aan julle God die Here, dan sal Hy aanhou om julle te seën:

3Hy sal julle seën in die stad en in die veld.

4Hy sal julle vrugbaar maak en ook julle grond en julle diere, daar sal baie kalwers en lammers wees.

5Julle mandjies en julle brood-skottels sal altyd vol kos wees.

6Die Here sal julle seën oral waar julle gaan.

7Hy sal julle vyande laat verloor wanneer hulle vir julle aanval. Hulle sal op een pad kom om julle aan te val, maar hulle sal op sewe paaie wegvlug van julle.

© Bible Society of South Africa.

8Die Here sal julle stoorkamers vol laat word, dit sal goed gaan met alles wat julle doen. Julle God die Here sal julle seën in die land wat Hy vir julle gee.

9As julle doen wat die Here wil hê en as julle lewe soos Hy sê, dan sal Hy vir julle sy gewyde volk maak, Hy het dit belowe.

10Al die volke op die aarde sal sien dat julle aan die Here behoort, en hulle sal bang wees vir julle.

11Die Here sal dit baie goed laat gaan met julle. Julle en julle diere en julle grond sal vrugbaar wees in hierdie land, Hy het vir julle voorvaders belowe om die land vir julle te gee.

12Die Here sal sy stoorkamer oopmaak waar Hy die goeie dinge bêre, en Hy sal vir julle reën gee op die regte tyd sodat dit goed sal gaan met alles wat julle doen. Julle sal geld en goed kan leen vir mense van baie volke, maar julleself sal nie iets moet leen nie.

13As julle gehoorsaam is aan die wette van julle God die Here en as julle aanhou om te doen wat ek vandag vir julle sê, dan sal die Here sê julle is die kop, nie die stert nie. Julle sal altyd bo wees, nie onder nie.

14Maar dan moet julle aanhou om alles te doen wat ek vandag vir julle sê, julle moenie ander gode dien nie.

15“Maar as julle ongehoorsaam is aan julle God die Here en as julle ophou om te doen wat sy wette sê, die wette wat ek vandag vir julle gee, dan sal die Here dit altyd sleg laat gaan met julle.

16Dit sal sleg gaan in die stad en dit sal sleg gaan in die veld.

17Julle kosmandjies en julle brood-skottels sal altyd leeg wees.

18Julle en julle grond sal nie vrugbaar wees nie, daar sal min kalwers en lammers wees.

19Dit sal sleg gaan met julle oral waar julle gaan.

20As julle weggaan van die Here en as julle aanhou om slegte dinge te doen, dan sal Hy dit sleg laat gaan met julle. Julle sal nie vrede hê nie, julle sal bang wees. Dit sal aanhou totdat julle almal gesterf het, julle sal gou verdwyn.

21Die Here sal julle siek maak, julle sal pes kry. Dit sal aanhou totdat julle almal gesterf het in die land waarnatoe julle gaan om dit vir julleself te vat.

22Die Here sal julle siek maak, julle sal tering en koors kry, julle sal sere kry en opswel. Dit sal baie warm en droog word, daar sal siektes in die koring kom, en dit sal aanhou totdat julle almal gesterf het.

© Bible Society of South Africa.

23Die hemeldak bo julle sal soos ’n brons dak word, en die aarde onder julle sal so hard soos yster word.

24Die Here sal die reën van julle land soos poeier laat word, daar sal stof uit die lug val totdat julle almal gesterf het.

25Die Here sal julle laat verloor teen julle vyande. Julle sal op een pad gaan om hulle aan te val, maar julle sal op sewe paaie wegvlug van hulle. Al die lande op die aarde sal bang word wanneer hulle kyk na julle.

26Die voëls en die wilde diere sal julle lyke vreet, en niemand sal hulle wegjaag nie.

27Die Here sal julle siek laat word van sere, soos in Egipte. Julle sal swere en aambeie kry, julle vel sal skurf word en jeuk en julle sal nie gesond word nie.

28Die Here sal julle mal en blind en deurmekaar laat word.

29Julle sal soos blinde mense wees, in die dag sal julle oral voel waar julle moet loop, soos mense in die donker, maar julle sal nie die regte pad kry nie. Mense sal julle laat swaarkry, hulle sal julle goed steel, en niemand sal julle help nie.

30Jy sal verloof raak aan ’n vrou, maar ’n ander man sal seks hê met haar. Jy sal ’n huis bou, maar jy sal nie daarin woon nie. Jy sal ’n wingerd plant, maar jy sal nie die druiwe eet nie.

31Jy sal sien dat iemand jou bees slag en jy sal nie van die vleis eet nie. Jy sal sien dat iemand jou donkie vat en jy sal nie die donkie terugkry nie. Jou vyande sal jou skape en bokke vat, en niemand sal jou help nie.

32Jy sal sien dat ander mense jou kinders vat, jy sal elke dag na hulle verlang, maar jy sal niks kan doen nie.

33Mense wat jy nie ken nie, sal alles eet wat jy geplant het en wat jy oes, alles waarvoor jy gewerk het. Hulle sal aanhou om jou te laat swaarkry en om jou te verdruk.

34Jy sal mal word van alles wat jy sien.

35Die Here sal jou siek maak, jy sal lelike sere op jou knieë en op jou bene kry. Jy sal nie gesond word nie, van jou voete tot by jou kop.

36Jy het ’n koning gekies en aangestel. Die Here sal jou en daardie koning stuur na ’n volk toe wat jy nie geken het nie, jy en jou voorvaders het hulle nie geken nie. En daar sal jy ander gode dien, gode van hout en klip.

37Die Here sal jou na ander volke toe neem, en al daardie volke sal skrik wanneer hulle jou sien, hulle sal praat oor jou en hulle sal jou spot.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

38 Jy sal baie saad na die land neem om te saai, maar jy sal min saad op die land
bymekaarmaak wanneer jy die koring of die gars afsny, want die sprinkane sal alles
opvreet.

39 Jy sal wingerde plant en jy sal in hulle werk, maar jy sal nie druiwetrosse afsny of
wyn drink nie, want die wurms sal dit opvreet.

40 Jy sal olyfbome oral in jou land hê, maar jy sal nie olyf-olie hê om aan jou te smeer
nie, want die olywe sal afval.

41 Jy sal kinders kry, maar hulle sal nie aan jou behoort nie, want vyande sal hulle
vang en wegvat.

42 Die sprinkane sal al jou bome en alles verwoes wat op jou land groei.

43 Die vreemdelinge by jou sal belangriker word as jy.

44 Hulle sal vir jou geld en goed kan leen, maar jy sal vir hulle niks kan leen nie. Hulle
sal die kop wees en jy sal die stert wees.

45 Al hierdie slegte dinge sal met julle gebeur, en die slegte dinge sal aanhou totdat
julle almal gesterf het. Hoekom? Omdat julle nie gehoorsaam was aan julle God die
Here nie, en omdat julle nie gedoen het wat die wette sê wat Hy vir julle gegee het
nie.

46 Hierdie dinge sal vir julle en julle nageslag tekens wees vir altyd.

47 Voorheen het jy baie dinge gekry, maar toe was jy nie bly nie en jy het dit nie
geniet om die Here te dien nie.

48 Daarom sal jy jou vyande dien, die Here sal hulle na jou toe stuur. Jy sal hulle dien
terwyl jy honger en dors is, jy sal kaal wees en jy sal niks hê nie. Die Here sal ’n yster-
juk op jou nek sit totdat Hy jou laat sterf.

49 Die Here sal ’n ander volk bring om oorlog te maak teen jou, ’n volk van ’n land wat
baie ver weg is van jou. Die vyand sal op jou afkom soos ’n arend uit die lug. Jy sal nie
hulle taal ken nie,

50 dit sal ’n wrede volk wees, hulle sal nie oumense respekteer nie en hulle sal ook nie
jammer wees vir jongmense nie.

51 Daardie volk sal jou kalwers en lammers, jou koring en vrugte op-eet. Hulle sal
aanhou totdat jy gesterf het. Hulle sal niks koring of wyn of olyf-olie vir jou laat
oorbly nie, niks kalwers of lammers nie, hulle sal dit doen totdat jy sterf.

52 Hulle sal jou aanval van al die kante, in al jou stede en oral in die land wat jou God
die Here vir jou gegee het. Hulle sal dit doen totdat die hoë en sterk mure omgeval
het, die mure wat jy gedink het sal jou beskerm.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

53“Wanneer die vyande jou aanval van al die kante en wanneer hulle jou baie swaar
laat kry, dan sal jy jou eie kinders eet, jy sal die vleis eet van jou seuns en dogters wat
die Here vir jou gegee het.

54Die man wat ’n sagte hart en mooi maniere het, sal ook wreed wees teen sy broer
en teen die vrou vir wie hy lief is en teen sy kinders wat nog lewe.

55Hy sal die vleis van sy kinders eet en hy sal nie vir een van julle ’n stukkie daarvan
gee nie, want dit is al wat hy sal hê nadat julle vyande die stede aangeval het van al
die kante, en nadat hulle vir julle laat swaarkry het in al die stede.

56Die vrou wat ’n sagte hart het en wat baie netjies is, die vrou wat nie kaalvoet op
die grond wil loop nie, sal ook hard wees teen die man vir wie sy lief is en teen haar
kinders.

57Sy sal die kinders eet wat sy gekry het, en alles wat saam met die kind uit haar
gekom het, sy sal dit eet waar niemand anders dit kan sien nie, want dit sal al wees
wat sy het nadat julle vyande die stede aangeval het van al die kante en nadat die
vyande julle laat swaarkry het in al die stede.

58“Julle moet doen wat al die wette in hierdie boek sê, en julle moet julle God die
Here respekteer, almal moet Hom respekteer en bang wees vir Hom. As julle dit nie
doen nie,

59dan sal die Here julle en julle nageslag baie siek laat word, julle sal baie siek wees
en julle sal aanhou siek wees.

60Julle was bang vir baie siektes in Egipte, maar Hy sal al hierdie siektes na julle toe
bring, en julle sal nie gesond word nie.

61Hy sal ook die siektes na julle toe bring waaroor nie geskryf is in hierdie wetboek
nie. Die Here sal die siektes na julle toe bring totdat julle almal gesterf het.

62Julle was voorheen so baie soos die sterre in die lug, maar min van julle sal aanhou
lewe, want julle was nie gehoorsaam aan julle God die Here nie.

63Dit was lekker vir die Here om goed te doen aan julle en om julle baie te laat word.
Dit sal ook vir Hom lekker wees om julle almal te laat sterf en te laat verdwyn. Hy sal
julle wegvat uit die land waarnatoe julle gaan om dit vir julleself te vat.

64Die Here sal julle na al die kante toe jaag tussen al die ander volke in, van die een
kant van die aarde tot die ander kant. Daar sal julle ander gode dien, gode wat julle
en julle voorvaders nie geken het nie, gode van hout en klip.

65Dit sal nie vir jou lekker wees tussen daardie volke nie, jy sal nooit kan rus nie. Die
Here sal jou hart laat bewe, jou oë sal elke dag minder sien, en jou gees sal elke dag
meer en meer moeg word.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

66Jy sal elke nag en elke dag dink dat jou lewe verby is, jy sal bang wees en jy sal nie
weet of jy môre nog sal lewe nie.

67In die oggend sal jy sê: ‘Ek wens dit was aand,’ en in die aand sal jy sê: ‘Ek wens dit
was oggend.’ Jy sal dit doen omdat jy bang is, en omdat jy baie slegte dinge sal sien.

68Die Here sal julle op skepe terugneem na Egipte. Ek het voorheen gesê julle sal nie
weer daardie land sien nie. Julle sal daar probeer om julleself te verkoop aan julle
vyande om hulle slawe en slavinne te wees, maar niemand sal vir julle wil koop nie.”

Deuteronomium 29

Die verbond in die land Moab

1Die Here het by Horeb-berg ’n verbond gemaak met die Israeliete. Maar die Here
het vir Moses gesê hy moet ook in die land Moab ’n verbond maak met die Israeliete.
Hier is die woorde van die verbond:

2Moses het al die Israeliete geroep en vir hulle gesê: “Julle het alles gesien wat die
Here in die land Egipte gedoen het aan die farao en sy amptenare en sy hele land.

3Julle het gesien dat die Here die Egiptenaars baie swaar laat kry het toe Hy sy tekens en wonderwerke gedoen het.

4Maar tot nou toe het die Here nie vir julle gehelp om alles te verstaan wat julle
gesien en gehoor het nie.

5Die Here sê: ‘Ek het julle 40 jaar lank deur die woestyn gelei. Julle klere en julle
skoene het nie stukkend geword nie,

6julle het nie brood gehad om te eet en wyn om te drink nie, want julle moes leer dat
Ek julle God die Here is.’

7Toe julle op hierdie plek kom, het Sihon, koning van Gesbon, en Og, koning van
Basan, gekom en hulle het ons aangeval, maar ons het hulle oorwin.

8Ons het hulle land gevat en ons het die grond gegee vir die Ruben-stam en die Gad-stam en die halwe Manasse-stam. Die grond het toe aan hulle behoort.

9Julle moet doen wat hierdie verbond sê sodat dit goed kan gaan met alles wat julle
doen.

10Julle staan vandag almal voor julle God die Here. Julle hoofde, julle stamleiers, julle
ander leiers en voormanne, elke man van Israel,

11julle kinders, julle vroue, die vreemdelinge wat by julle woon, julle houtkappers en
julle waterdraers is almal hier.

12Julle staan hier om ’n verbond te maak met julle God die Here en om te hoor wat
die Here sê. Hy sal sê wat met julle sal gebeur as julle die verbond breek.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Julle staan hier omdat die Here vandag wil sê dat julle sy volk is en dat Hy julle God is soos Hy gesê het en soos Hy belowe het vir julle voorvaders Abraham, Isak en Jakob.

14Ek maak hierdie verbond nie net met julle nie en ek sê nie net vir julle wat met julle sal gebeur as julle die verbond breek nie.

15Ek maak hierdie verbond met almal wat hier saam met ons staan en ook met almal wat nie vandag hier saam met ons is nie.

16Want julle weet dat ons in die land Egipte gewoon het en dat ons tussen ander volke deur gegaan het tot hier.

17Julle het hulle lelike afgode gesien, afgode van hout en klip, silwer en goud.

18Daar mag nie ’n man of ’n vrou of ’n familie of ’n stam wees wat vandag dink dat hulle wil weggaan van ons God die Here nie, hulle moenie dink dat hulle die gode van daardie volke sal gaan dien nie. As iemand dit dink, dan sal hy wees soos ’n wortel waaruit gifplante en wilde-als groei.

19So iemand sal miskien hoor wat sal gebeur wanneer hy die verbond breek, maar hy is hardkoppig en hy sê: ‘Dit sal goed gaan met my, ek sal doen wat ek wil.’

20Dan sal die Here daardie persoon nie vergewe nie, want die Here sal baie kwaad wees vir hom, en dit sal baie sleg gaan met hom, so sleg soos dit in hierdie wetboek geskryf is. Die Here sal almal op die aarde laat vergeet dat daar so iemand was.

21Die Here sal hom apart hou, weg van al die stamme van Israel, en dit sal sleg gaan met hom, so sleg soos die Here gesê het toe Hy die verbond gemaak het, die verbond wat in hierdie wetboek geskryf is.

22“Die volgende geslag se mense, die kinders wat ná julle sal kom, en die mense van ander volke wat uit ver lande kom, sal sien wat in hierdie land gebeur het. Hulle sal sien hoe siek die Here almal gemaak het, en dan sal hulle sê:

23‘Die hele land het verbrand, daar is net swael en sout, niemand saai daar iets nie, daar groei niks, daar is niks gras nie. Dit lyk soos die stede Sodom, Gomorra, Adma en Sebojim, die Here het daardie stede verwoes toe Hy kwaad geword het vir daardie mense.’

24“Die mense van ander volke sal vra: ‘Hoekom het die Here dit gedoen met hierdie land? Hoekom was Hy so kwaad?’

25En die ander mense sal vir hulle sê: ‘Dit is omdat die mense van die land Israel die verbond gebreek het wat hulle God die Here met hulle gemaak het toe Hy hulle uit die land Egipte gebring het.

26Hulle het ander gode gaan dien en hulle het voor die gode gebuig, gode wat hulle nie geken het nie en wat nie húlle gode was nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

27Die Here het kwaad geword en Hy het met die land alles laat gebeur wat Hy in hierdie boek gesê het.

28Hy was baie kwaad, Hy het hulle weggevat van hulle grond en Hy het hulle in ’n ander land laat woon, hulle is vandag nog daar.’

29Ons God die Here weet die dinge wat ons nie weet nie, en ons en ons kinders weet die dinge wat Hy vir ons gesê het: Ons moet altyd alles doen wat hierdie verbond sê.”

Deuteronomium 30

Die Israeliete moet die lewe kies

1Moses het gesê: “Ek het vir julle gesê dat die Here julle sal seën of dat Hy julle sal vervloek. Al hierdie dinge sal met julle gebeur, en julle sal tussen al die volke woon waarnatoe die Here julle laat gaan. Dan sal julle onthou

2en julle sal terugkom na die Here, julle sal met julle hele hart gehoorsaam wees aan Hom en julle sal doen soos ek vandag vir julle sê, julle en julle kinders.

3Dan sal die Here dit weer goed laat gaan met julle. Hy sal jammer wees vir julle en Hy sal julle weer bymekaarmaak uit al die volke. Julle God die Here het julle na daardie volke toe laat gaan.

4Ook as julle in die verste plekke op die aarde is, sal julle God die Here julle daarvandaan bymekaarmaak en julle terugbring.

5Julle God die Here sal julle bring na die land wat julle voorvaders vir hulleself gevat het, en julle sal die land vir julleself vat. Die Here sal dit beter laat gaan met julle as met julle voorvaders en Hy sal julle meer laat word as hulle.

6Julle God die Here sal julle harte en die harte van julle nageslag so verander dat julle lief sal wees vir Hom met julle hele hart. Dan sal julle aanhou lewe.

7Julle God die Here sal julle vyande vervloek, Hy sal ook die mense vervloek wat vir julle haat en wat vir julle volg en jaag.

8Julle self sal weer gehoorsaam wees aan die Here en julle sal alles doen wat Hy wil hê, alles wat ek vandag vir julle sê.

9Julle God die Here sal dit baie goed laat gaan met alles wat julle doen. Julle self en julle diere en julle grond sal vrugbaar wees, want dit sal weer lekker wees vir die Here om goed te doen aan julle, soos dit ook vir Hom lekker was om goed te doen aan julle voorvaders.

10Maar dan moet julle gehoorsaam wees aan julle God die Here, julle moet doen wat sy wette sê, die wette wat in hierdie wetboek geskryf is. Julle moet met julle hele hart terugkom na julle God die Here.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Want hierdie wette wat ek vandag vir julle gee, is nie te moeilik vir julle nie, julle
sal dit alles kan doen.

12As hierdie wette in die hemel was, dan sou iemand moes opgaan na die hemel om
dit vir ons te kry sodat ons kan hoor wat die wette sê en sodat ons dit kan doen.

13As die wette oorkant die see was, dan sou iemand moes oorgaan na die ander kant
om dit vir ons te kry sodat ons kan hoor wat die wette sê en sodat ons dit kan doen.

14Maar nee, die woorde van hierdie wette is baie naby julle, dit is in julle monde en
in julle harte, julle kan dit doen.

15Kyk, ek het vandag vir julle gesê wat julle moet doen sodat dit goed kan gaan met
julle en sodat julle sal aanhou lewe. Ek het ook vir julle gesê dat as julle verkeerd
doen, dan sal dit sleg gaan met julle en julle sal sterf.

16Ek sê vandag vir julle: Julle moet lief wees vir julle God die Here, julle moet lewe
soos Hy wil hê en julle moet doen wat sy wette sê sodat julle kan aanhou lewe en
baie kan word. Dan sal julle God die Here julle seën in die land waarnatoe julle gaan
om dit vir julleself te vat.

17Maar as julle ontrou word aan die Here en nie gehoorsaam is nie, en as mense
julle verlei sodat julle voor ander gode buig en hulle dien,

18dan sê ek vandag vir julle dat julle almal sal sterf, julle almal. Julle sal nie lank lewe
in die land oorkant die Jordaan-rivier nie, die land waarnatoe julle gaan om dit vir
julleself te gaan vat.

19Ek roep vandag die hemel en die aarde om getuies te wees teen julle. Ek het vir
julle gesê wat julle moet doen as julle wil lewe, ek het ook gesê wat julle moet doen
as julle wil sterf. Ek het vir julle gesê hoe die Here julle sal seën, en ek het ook gesê
hoe Hy julle sal vervloek. Julle moet kies om te lewe, julle en julle nageslag moet dit
kies.

20Julle moet kies om lief te wees vir julle God die Here, om gehoorsaam te wees aan
Hom, om altyd naby Hom te wees, want dan sal julle aanhou lewe en dan sal julle
lank woon in die land wat die Here belowe het om vir julle voorvaders te gee, vir
Abraham, vir Isak en vir Jakob."

Deuteronomium 31

Josua moet die Israeliete lei oor die Jordaan-rivier

1Moses het met al die Israeliete gaan praat.

2Hy het vir hulle gesê: "Ek is vandag 120 jaar oud. Ek kan nie meer goed loop nie. En
die Here het vir my gesê ek sal nie oor hierdie Jordaan-rivier gaan nie.

© Bible Society of South Africa.

3Julle God die Here sal self voor julle oor die rivier gaan, Hy sal hierdie volke laat sterf om plek te maak vir julle, en julle sal hulle land vat. Josua sal voor julle oor die rivier gaan, soos die Here gesê het.

4Die Here sal aan hierdie volke doen wat Hy gedoen het aan die Amoriete se konings Sihon en Og, en aan hulle land, Hy het hulle almal laat sterf.

5Die Here sal julle laat wen teen hierdie volke, en julle moet alles met hulle doen wat ek vir julle gesê het.

6Julle moet sterk en dapper wees, julle moenie bang wees nie, julle moenie skrik vir hulle nie, want julle God die Here gaan self saam met julle, Hy sal julle help en Hy sal julle nie alleen los nie."

7Moses het vir Josua geroep en hy het voor al die Israeliete vir Josua gesê: "Jy moet sterk en dapper wees, want dit is jý wat saam met hierdie volk moet gaan na die land wat die Here belowe het om vir hulle voorvaders te gee, jý moet vir hulle die land gee, dit sal hulle land wees.

8Dit is die Here self wat voor jou gaan, Hy self sal by jou wees, Hy sal jou help en Hy sal jou nie alleen los nie. Jy moenie bang wees nie, jy moenie skrik nie."

Die wetboek

9Moses het hierdie wette neergeskryf en hy het dit vir die priesters van die nageslag van Levi gegee, die priesters wat die verbondskis van die Here dra. Hy het die wette ook vir die leiers van die Israeliete gegee.

10-11Moses het vir hulle gesê: "Julle moet hierdie wette elke sewende jaar vir al die Israeliete lees. Dit is die jaar wanneer julle moet sê dat mense die geld mag hou wat hulle vir julle skuld, hulle moenie die geld terugbetaal nie. Julle moet die wette lees op die Hutte-fees, wanneer al die Israeliete voor julle God die Here moet kom staan op die plek wat Hy sal kies.

12Julle moet die volk laat bymekaarkom, die mans, die vroue en die kinders, en ook die vreemdelinge wat in julle stede is, sodat hulle kan hoor en kan leer en sodat hulle ook julle God die Here kan eer en alles kan doen wat hierdie wette sê.

13Hulle kinders wat nie die wette ken nie, moet dit hoor en hulle moet leer om julle God die Here altyd te eer, so lank soos julle sal lewe in die land oorkant die Jordaan-rivier, die land waarnatoe julle gaan om dit vir julleself te vat."

Die Here verskyn aan Moses en Josua

14Die Here het vir Moses gesê: "Jy moet luister, jou tyd om te sterf is naby. Roep vir Josua en kom staan in die tent waar Ek aan die Israeliete verskyn, sodat Ek vir Josua kan sê wat hy moet doen." Moses en Josua het toe voor die tent gaan staan waar die Here aan die Israeliete verskyn.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Die Here het by die tent verskyn in ’n wolk. Die wolk het gaan staan by die ingang van die tent.

16Die Here het vir Moses gesê: “Jy sal sterf, en dan sal hierdie volk begin om ontrou te wees. Hulle sal die gode van die ander volke dien in die land waarnatoe hulle gaan. Die volk sal My los en hulle sal my verbond breek wat Ek met hulle gemaak het.

17Ek sal dan baie kwaad word vir hulle. Ek sal hulle los en Ek sal hulle nie wil sien nie. Dan sal dit sleg begin gaan met hulle, hulle sal baie swaar begin kry. En dan sal hulle sê: ‘Dit gaan sleg met ons omdat ons God nie by ons is nie.’

18Maar Ek sal hulle glad nie wil sien nie omdat hulle verkeerd gedoen het, omdat hulle ander gode begin dien het.

19Daarom moet jy hierdie lied neerskryf en jy moet dit vir die Israeliete leer. Hulle moet die lied ken, sodat die lied vir My ’n getuie sal wees teen hulle.

20Want Ek het hulle gebring na die land wat Ek vir hulle voorvaders belowe het, ’n land waar daar baie melk en heuning is. Hulle sal genoeg eet en vet word en hulle sal ander gode begin dien. Hulle sal dink Ek is nie belangrik nie en hulle sal my verbond breek.

21Wanneer dit dan baie sleg gaan met hulle, dan sal hierdie lied die getuie wees teen hulle, want hulle nageslag sal die lied onthou. Ja, Ek het die Israeliete nog nie gebring na die land wat Ek vir hulle belowe het nie, maar Ek weet wat hulle vandag dink.”

22Moses het daardie dag die lied neergeskryf en hy het dit vir die Israeliete geleer.

23Die Here het vir Josua seun van Nun gesê: “Jy moet sterk en dapper wees, want jý sal die Israeliete na die land bring wat Ek vir hulle belowe het, en Ek self sal by jou wees.”

Die Israeliete sal baie verkeerd doen

24Moses het die wette klaar in ’n boek geskryf

25en toe het hy vir die Leviete wat die verbondskis van die Here dra, gesê:

26“Neem hierdie wetboek en sit dit langs die verbondskis van julle God die Here. Dit moet daar bly om ’n getuie te wees teen julle,

27want ek weet dat julle opstandig en hardkoppig is. Julle is nou opstandig teen die Here terwyl ek nog lewe, en nadat ek gesterf het, sal julle nog meer opstandig wees.

28Roep al julle stamhoofde en julle voormanne, sodat ek hierdie dinge vir hulle kan sê en sodat ek die hemel en die aarde kan roep om getuies te wees teen hulle,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

29want ek weet dat julle ná my dood baie verkeerd sal doen en sal ophou om te lewe soos ek vir julle gesê het. Julle sal in daardie tyd baie swaar begin kry omdat julle dinge sal doen waarvan die Here nie hou nie. Julle sal Hom hartseer maak met die dinge wat julle sal doen."

30Moses het al die woorde van hierdie lied vir die volksvergadering van Israel gesê.

Deuteronomium 32

Die lied

1Moses het gesê: "Hemel, jy moet luister, ek wil praat, die aarde moet hoor wat ek sê.

2Ek bid dat die dinge wat ek vir die mense leer, sal wees soos reën wat drup, ek bid dat die dinge wat ek sê, sal wees soos sagte reën op gras, soos reën op groen plante.

3Want ek wil skree en die Naam van die Here sê, ek wil sê dat die Here groot en goed is.

4Hy is die Rots, sy werk is heeltemal reg, Hy doen altyd reg. Hy is 'n God wat altyd dieselfde bly, Hy doen niks verkeerd nie, Hy is regverdig en eerlik.

5Maar sy volk het ontrou geword aan Hom, hulle is nie meer sy kinders nie, hulle is onrein en vals, hulle kan net verkeerd doen, nie reg nie.

6Julle is dwase mense, julle het nie wysheid nie, is dit wat julle doen aan die Here? Hy is julle Vader, Hy het julle gemaak. Hy self het julle gemaak en Hy het vir julle die lewe gegee.

7Julle moet onthou hoe dit lank gelede was, julle moet dink aan die jare wat lank verby is. Julle moet vir julle ouers vra, sodat hulle vir julle kan vertel, julle moet vir die oumense vra, húlle sal vir julle sê hoe dit was.

8Toe die Hoogste God vir die volke hulle lande gegee het, toe Hy gesê het dat die mense aan verskillende volke moet behoort, toe het Hy gesê waar die grense van die lande moet wees. Hy het gekyk hoeveel Israeliete daar is, en Hy het besluit hoeveel volke daar moet wees.

9Maar die Here het sy éie volk gekies, Jakob behoort aan Hom.

10Die Here het sy volk in die woestyn gekry, in 'n wilde wêreld waar niemand woon nie. Hy beskerm sy volk en Hy sorg vir hulle, Hy pas hulle op soos 'n mens sy oog oppas.

11'n Arend stoot sy kleintjies uit die nes en hy vlieg bokant hulle, hy maak sy vlerke oop en vang die kleintjies en dra hulle op sy vlerke.

12So lei die Here sy volk, Hy alleen doen dit, daar is nie 'n ander god by Hom nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Hy het hierdie land vir sy volk gegee om dit te vat. Hulle kon die koring eet wat op die lande groei, hulle kon heuning uithaal uit die byneste in die rotse, hulle kon die olyf-olie kry van die olyfbome tussen die klippe.

14Hulle het melk gekry van beeste, skape en bokke, hulle het vet vleis gekry van skaap-lammers en skaap-ramme, en vleis van bokke en beeste uit die land Basan. Hulle het die beste koring geëet en die beste rooi wyn gedrink.

15 Jesurun het vet en opstandig geword. Ja, julle het vet en dik geword, spekvet. Hulle het vir God gelos, God wat vir hulle gemaak het. Hulle was dom en opstandig teen die Rots wat vir hulle gered het.

16Hulle het vir God kwaad gemaak toe hulle gode van ander volke gedien het. Hulle het vir God hartseer gemaak toe hulle dinge gedoen het wat Hy haat.

17Hulle het ge-offer vir veldgode wat nie gode is nie, hulle het ge-offer vir gode wat hulle nie geken het nie, vir nuwe gode wat hulle voorvaders nie geken het nie.

18Julle het die Rots vergeet, maar die Rots is julle Vader, julle is God se kinders, maar julle het Hom vergeet.

19Toe die Here dit sien, was Hy hartseer oor sy seuns en sy dogters, Hy het hulle gelos.

20Hy het gesê: ‘Ek wil hulle nie meer sien nie, en Ek wil kyk hoe dit nou met hulle sal gaan. Hulle is slegte mense, hulle is heeltemal ontrou.

21Hulle het My kwaad gemaak toe hulle gode gedien het wat nie gode is nie. Hulle het My hartseer gemaak toe hulle beelde gemaak het, beelde wat niks beteken nie. Nou sal Ek hulle kwaad maak en Ek sal vir My ’n volk kies wat nie ’n volk is nie, Ek sal hulle hartseer maak en Ek sal vir My ’n volk kies wat dwaas is.

22Ek is kwaad, dit is soos ’n vuur wat brand tot in die doderyk daar onder, ’n vuur wat die aarde verbrand en alles wat uit die aarde kom, ’n vuur wat tot onder die berge brand.

23Ek sal hulle laat swaarkry, dit sal aanhou sleg gaan met hulle, Ek sal hulle skiet met al my pyle.

24Hulle sal flou word van honger, hulle sal pes kry, hulle sal nie gesond kan word nie, wilde diere sal hulle opvreet en giftige slange sal hulle pik.

25Daar sal oorlog wees in die strate, mense sal bang wees en wegkruip in hulle kamers. Niemand sal vry wegkom nie, nie jongmans of jongmeisies nie, nie babas of oumense nie.

26Ek het gedink Ek sal hulle almal laat sterf, niemand moet onthou dat hulle gelewe het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Maar Ek het gedink miskien sal die vyande spot en hulle sal die dinge wat gebeur het, verkeerd verstaan. Hulle sal miskien spog en sê: “Ons het hulle self oorwin, die Here het dit nie gedoen nie.” ’

28Ja, die vyande verstaan dit nie, hulle is nie verstandig nie.

29As hulle wysheid gehad het, dan sou hulle verstaan het wat gebeur het en hulle sou geweet het wat later nog sál gebeur.

30Een man van die vyand het 1 000 Israeliete gevolg en gejaag, twee manne van die vyand het 10 000 Israeliete laat vlug. Maar dit het gebeur omdat die Rots van die Israeliete hulle verkoop het, omdat die Here hulle gelos het.

31Ja, die Here is ons Rots, die vyande het nie so ’n rots nie, dit moet hulle weet.

32Hulle is soos ’n wingerdstok wat in Sodom en Gomorra gegroei het, ’n wingerdstok wat giftige druiwe dra.

33Uit daardie druiwe kom daar wyn wat so giftig is soos slange, dit is wyn wat mense laat sterf.

34Die Here sê: ‘Ek sal besluit wanneer Ek hulle sal straf.

35Ek sal die vyande straf oor wat hulle gedoen het, hulle voete gly, hulle sal gou val. Die dinge wat met hulle sal gebeur, sal gou gebeur.’

36Ja, die Here sal reg doen aan sy volk, Hy sal genadig wees vir sy dienaars wanneer Hy sien dat hulle swak is en dat min van hulle nog lewe.

37Hy sal vra: ‘Waar is julle gode nou, die gode wat julle moet beskerm?

38Waar is die gode wat die vet van julle offers eet en die wyn van julle drank-offers drink? Hulle moet nou begin om julle te help, hulle moet julle beskerm.

39Julle moet nou weet: Dit is Ek, net Ek. Daar is nie nog ’n God nie, net Ek is God. Ek maak dood en Ek laat lewe, Ek maak siek en Ek maak gesond. Niemand kan my volk wegvat van My nie.

40Ek tel my hand op na die hemel en Ek belowe, so seker soos Ek altyd sal lewe:

41Ek sal my swaard skerpmaak en Ek sal dit styf vashou in my hand. Ek sal my vyande straf oor alles wat hulle gedoen het, Ek sal die mense straf wat My haat.

42Wanneer Ek my pyle skiet en met my swaard kap, dan sal daar baie bloed vloei. Baie mense sal gevangenes word en hulle sal sterf, en die leiers van die vyande sal ook sterf.’

43Die ander volke moet die volk van die Here prys, want die Here sal almal straf wat sy dienaars doodgemaak het, Hy sal sy vyande straf oor wat hulle gedoen het, Hy sal versoening doen vir sy land en sy volk.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

44Moses het gekom en hy het al die woorde van hierdie lied vir die volk gesê, hy
en Hosea seun van Nun.

45Nadat Moses dit alles klaar gesê het vir al die Israeliete,

46het hy vir hulle gesê: “Julle moet alles goed onthou wat ek vandag vir julle gesê
het. Julle moet vir julle kinders sê dat hulle alles moet doen wat hierdie wette sê,

47want dit is belangrik vir julle, dit sal julle laat aanhou lewe en julle sal lank lewe in
die land oorkant die Jordaan-rivier, die land waarnatoe julle gaan om dit vir julleself
te vat.”

Die Here sê Moses sal sterf

48Die Here het daardie selfde dag vir Moses gesê:

49“Jy moet opgaan teen die Abarim-berge, teen die Nebo-berg in die land Moab
oorkant Jerigo, en jy moet kyk na die land Kanaän wat Ek vir die Israeliete gee om
aan hulle te behoort.

50Daarna moet jy sterf op die berg waarteen jy opgegaan het, soos jou broer Aäron
ook op Hor-berg gesterf het.

51Dit sal gebeur omdat julle altwee ontrou was aan My by die water van Meriba-
Kades in die Sin-woestyn. Die Israeliete het dit gesien. Julle het nie vir die Israeliete
gewys dat julle My eer omdat Ek die heilige God is nie.

52Ja, jy mag hier staan en jy mag na die land kyk, maar jy sal nie ingaan in die land
wat Ek vir die Israeliete gee nie.”

Deuteronomium 33

Moses se laaste woorde

1Moses, die man van God, het die Israeliete geseën voordat hy gesterf het. Hy het
gesê:

2“Die Here het van Sinai-berg gekom, Hy het verskyn op die Seïr-berge, Hy het sy lig
laat skyn van Paran-berg af. Hy het gekom van sy gewyde woonplek waar
tienduisende engele woon.

3Waarlik, U is lief vir volke, almal wat gewy is aan U, behoort aan U. U leer vir hulle,
hulle luister na wat U sê.

4Hulle luister na die wette wat Moses vir ons gegee het, die wette wat behoort aan
die volksvergadering van Jakob.

5Die Here het die Koning in Jesurun geword toe die hoofde van die volk
bymekaargekom het, toe die leiers van die stamme saam daar was.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Moses het gesê: “Ek bid dat die mense van Ruben sal aanhou lewe en dat hulle nie almal sal sterf nie, want hulle is min mense.”

7En dit het Moses oor Juda gesê: “Here, U moet doen wat Juda vra, U moet hom terugbring na sy mense toe, U moet hom sterk maak en hom help teen sy vyande.”

8Dit het Moses oor Levi gesê: “Die mense wat in U glo, dra die urim en die tummim, U het hulle by Massa getoets, U het hulle by die water van Meriba beskuldig.

9Hulle het hulle ouers en hulle broers en hulle kinders gelos om te doen wat U sê en om gehoorsaam te wees aan u verbond.

10Hulle leer vir die Israeliete wat U besluit het en wat U wil hê, hulle bring vir U wierook-offers en brand-offers op u altaar.

11Here, U moet vir die Leviete baie krag gee en U moet dit goed laat gaan met alles wat hulle doen, U moet hulle vyande swak laat word, U moet die mense wat vir hulle haat, so hard slaan dat hulle nie kan opstaan nie.”

12Dit het Moses oor Benjamin gesê: “Die Here is lief vir Benjamin, hy sal veilig woon, Die Here beskerm hom elke dag, en hy woon tussen die berge.”

13Dit het Moses oor Josef gesê: “Die Here sal die land van Josef seën. Sy mense sal die beste kry van alles, die beste van die reën en die dou en die diep water daar onder.

14Hulle sal die beste kry van alles wat groei, alles onder die son, alles wat die mense elke maand afsny of pluk en bymekaarmaak,

15die beste van alles wat groei op die berge en op die heuwels wat baie lank daar is.

16Hulle sal die beste kry van alles wat uit die aarde kom, alles wat daar is omdat die Here goed is vir Josef, die Here wat in ’n doringbos verskyn het. Ek bid dat Josef dit alles sal kry, Josef wat oor sy broers regeer het.

17Die Josef-stam is so sterk soos ’n jong bul, soos ’n oer-os met sy horings. Hy sal ander volke stoot en jaag tot ver op die aarde. Efraim het tienduisende soldate, en Manasse het duisende soldate.”

18Dit het Moses oor Sebulon gesê: “Sebulon, jy moet bly wees wanneer jy op die pad loop, en jy, Issaskar, jy moet bly wees wanneer jy in jou tente is.

19Hulle roep die ander volke na die berg, en daar bring hulle die offers wat hulle moet bring. Hulle word ryk, want hulle kry baie dinge uit die see, hulle kry kosbare dinge onder die sand.”

20Dit het Moses oor Gad gesê: “Ek prys die Here, Hy het vir Gad ’n groot woonplek gegee, Gad is soos ’n leeu, hy byt en skeur sterk arms, hy slaan koppe stukkend.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Gad het die beste land vir homself gekies, hy het ’n koning se land gekry, Gad het die leiers van die volk gebring en hy het gedoen wat die Here wil hê, hy het gedoen wat die Here besluit het.”

22Dit het Moses oor Dan gesê: “Dan is soos ’n jong leeu wat uit die land Basan spring.”

23Dit het Moses oor Naftali gesê: “Die Here is goed vir Naftali, die Here seën hom, Naftali het die meer van Kinneret vir homself gevat, en ook die land suid van die see.”

24Dit het Moses oor Aser gesê: “Die Here sal vir Aser meer seën as die ander seuns, ek bid dat die ander broers lief sal wees vir hom, en dat hy so ryk sal wees dat hy sy voete in olyf-olie sal was.

25Ek bid dat sy stede sterk poorte sal hê met sluitbalke van yster en brons. Ek bid dat dit altyd goed sal gaan met Aser.

26“ Jesurun, jou God is baie groot, daar is niemand soos Hy nie! Hy ry deur die lug om jou te kom help, Hy, die Koning, ry oor die wolke.

27Hy is altyd God in die hemel, Hy dra sy volk altyd in sy arms en beskerm hulle. Hy het die vyande voor julle weggejaag en Hy het vir julle gesê julle moet die vyande doodmaak.

28Israel woon veilig, die nageslag van Jakob woon alleen in ’n land waar daar koring en wyn is, die dou drup ook daar uit die lug.

29Israel, jy is ’n gelukkige volk, watter ander volk is soos jy? Niemand. Die Here het jou gered, Hy beskerm jou soos ’n skild. Hy is soos ’n swaard wat jou laat wen, jou vyande sal kruip voor jou, en jy sal op hulle trap.”

Deuteronomium 34

Moses sterf

1Moses het uit die Jordaan-vallei in die land Moab gegaan. Hy het opgegaan na Nebo-berg, na die boonste punt van Pisga-berg, oorkant die stad Jerigo. Die Here het vir Moses die hele land gewys: die land Gilead tot by die stad Dan.

2Hy het ook vir Moses die hele land Naftali gewys en die land Efraim en Manasse, die hele land Juda tot by die Middellandse See,

3die Suid-land en die gelyk vallei by die palmstad Jerigo, tot by die stad Soar.

4Die Here het vir Moses gesê: “Dit is die land wat Ek belowe het toe Ek vir Abraham, Isak en Jakob gesê het dat Ek dit vir hulle nageslag sal gee. Ek het nou die land ook vir jou gewys, maar jy sal nie in daardie land ingaan nie.”

© Bible Society of South Africa.

5Moses, die dienaar van die Here, het daar in die land Moab gesterf. Die Here het gesê hy moet sterf.

6Die Here het vir Moses begrawe in die vallei in die land Moab oorkant die stad Bet-Peor, en tot vandag toe weet niemand waar sy graf is nie.

7Moses was 120 jaar oud toe hy gesterf het. Sy oë was nog goed en hy was nog sterk.

8Die Israeliete het 30 dae lank oor Moses gerou in die Jordaan-vallei in die land Moab. Hulle het die hele tyd lank gerou.

9Josua seun van Nun het baie wysheid gehad, want voordat Moses gesterf het, het hy sy hande op Josua gesit en hy het Josua die leier gemaak. Die Israeliete het geluister na Josua en hulle het alles gedoen wat die Here vir Moses gesê het.

10Daar was nooit weer ’n profeet soos Moses in die volk Israel nie. Die Here was naby Moses en Hy het baie met hom gepraat.

11Niemand anders kon al die tekens en wonderwerke doen wat Moses gedoen het nie. Die farao en sy amptenare en sy hele land het dit gesien toe die Here vir Moses na die land Egipte gestuur het.

12Moses was baie sterk. Niemand anders was so sterk nie en niemand het mense so bang laat word soos Moses nie. Al die Israeliete het dit gesien.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Josua

Josua 1

Die Here praat met Josua

1Moses, die dienaar van die Here, het gesterf. Josua seun van Nun het vir Moses
gewerk. Die Here het vir Josua gesê:

2"My dienaar Moses is dood. Daarom moet jy nou gereedmaak, jy en hierdie hele
volk, en julle moet oor die Jordaan-rivier gaan na die land wat Ek vir hulle, die
Israeliete, gee.

3Ek het dit vir Moses belowe, en daarom sal Ek vir julle elke plek gee waar julle sal
kom,

4van die woestyn en die Libanon-berg tot by die groot rivier, die Eufraat. Die hele
land van die Hetiete tot by die Groot See in die weste sal julle land word.

5So lank soos jy lewe, sal niemand jou kan oorwin nie. Ek sal by jou wees, soos Ek by
Moses was. Ek sal jou nie los nie, Ek sal altyd by jou wees.

6Jy moet sterk en dapper wees, want jý sal hierdie volk lei om die land te vat wat Ek
vir hulle voorvaders belowe het.

7Ja, jy moet sterk en dapper wees, jy moet seker maak dat jy alles doen wat die
wette sê, die wette wat my dienaar Moses vir jou gegee het. Jy moet presies so
doen, dan sal jy slaag met alles wat jy doen.

8Jy moet aanhou om te lees wat in hierdie wetboek staan, jy moet elke dag en elke
nag daaroor dink, dan sal jy seker maak dat jy alles doen wat daarin geskryf is. Jy sal
kan doen wat jy moet doen en jy sal slaag.

9Ek het vir jou gesê jy moet sterk en dapper wees. Jy moenie bang wees nie, jy moet
vir niks skrik nie, want jou God die Here sal by jou wees, oral waar jy gaan."

Josua praat met die voormanne van die volk en met die stamme wat oos van die Jordaan-rivier sal woon

10Josua het vir die voormanne van die volk gesê:

11"Julle moet deur die kamp gaan en julle moet vir die mense sê: 'Julle moet vir julle
padkos gereedmaak, want oor drie dae sal julle deur hierdie Jordaan-rivier gaan.
Julle sal die land vat wat julle God die Here vir julle gee.' "

12Josua het vir die stamme Ruben en Gad en vir die halwe Manasse-stam gesê:

13-14"Julle moet onthou wat Moses, die dienaar van die Here, vir julle gesê het. Hy
het gesê: 'Julle God die Here het julle vyande oorwin en Hy sal vir julle hierdie grond
oos van die Jordaan-rivier gee.' Julle vroue en kinders en oumense en julle diere mag

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

hier bly, maar almal van julle wat oorlog kan maak, moet voor die ander Israeliete oor die Jordaan-rivier gaan en julle moet hulle gaan help.

15Wanneer die Here die vyande van die ander Israeliete ook oorwin het en wanneer die ander Israeliete die land gevat het wat julle God die Here vir hulle gee, dan mag julle terugkom na julle eie grond wat Moses, die dienaar van die Here, vir julle oos van die Jordaan-rivier gegee het."

16Die stamme Ruben en Gad en die halwe Manasse-stam het vir Josua gesê: "Ons sal alles doen wat jy sê en ons sal gaan waar jy ons stuur.

17Ons sal luister na jou, soos ons geluister het na Moses. Ons is seker dat die Here by jou sal wees, soos Hy by Moses was.

18Elke man wat nie na jou wil luister nie en wat nie wil doen wat jy sê nie, moet sterf. Maar jy moet sterk en dapper wees."

Josua 2

Josua stuur spioene na die stad Jerigo

1Josua seun van Nun het twee mans uit die stad Sittim gestuur om spioene te wees. Niemand anders het geweet dat hy hulle gestuur het nie. Hy het gesê hulle moet gaan kyk hoe die land en die stad Jerigo is. Hulle het gegaan en hulle het by die huis van 'n prostituut gekom. Hulle het daar geslaap. Die prostituut se naam was Ragab.

2Iemand het vir die koning van Jerigo gaan sê: "Daar het vannag Israeliete hiernatoe gekom om te kyk hoe die land is."

3Die koning van Jerigo het toe vir Ragab laat weet: "Jy moet die mans uitbring wat na jou huis gekom het, want hulle het gekom om te kyk hoe die land is."

4Ragab het die twee mans weggesteek en sy het vir die koning laat weet: "Dit is waar, die mans het na my toe gekom, maar ek weet nie van waar hulle gekom het nie.

5Hulle het geloop toe dit donker word en toe die wagte die poort gesluit het. Ek weet nie waarnatoe hulle gegaan het nie. Julle moet hulle dadelik volg en jaag, julle sal hulle kry."

6Maar Ragab het die mans opgeneem op die dak en sy het hulle weggesteek onder droë vlas wat sy daar oopgegooi het.

7Die manne van Jerigo het gehardloop op die pad na die Jordaan-rivier tot by die driwwe, en toe hulle uit die stad gegaan het, het die wagte die poort gesluit. Die manne het gedink die spioene is voor hulle op die pad.

8Ragab het opgegaan na die spioene op die dak voordat hulle aan die slaap geraak het.

© Bible Society of South Africa.

9Sy het vir hulle gesê: “Ek weet die Here sal die land vir julle gee. Ons is baie bang vir julle, en al die mense van die land is baie bang vir julle.

10Want ons het gehoor dat die Here vir julle gehelp het en die Riet-see droog laat word het toe julle uit die land Egipte gekom het. Ons weet ook wat julle gedoen het met Sihon en Og, die twee konings van die Amoriete anderkant die Jordaan-rivier. Julle het hulle en hulle mense almal doodgemaak.

11Toe ons dit hoor, het ons baie bang geword, niemand van ons dink dat ons teen julle kan wen nie. Julle God die Here, Hý is die God in die hemel daarbo en op die aarde hier onder.

12Julle moet nou vir my belowe, en die Here moet die getuie wees. Ek was goed vir julle. Julle moet belowe dat julle vir my familie ook goed sal wees en julle moet vir my wys dat julle dit sal doen.

13Julle moenie my ouers en my broers en susters doodmaak nie, julle moet niks vat wat aan hulle behoort nie, julle moet keer sodat julle mense ons nie doodmaak nie.”

14Die mans het vir haar gesê: “As julle sterf, dan moet ons ook sterf. As julle nie sê wat ons hier kom doen het nie, en as die Here die land vir ons gee, dan sal ons ook goed wees vir julle, ons sal doen wat ons belowe.”

15Ragab het die twee mans toe met ’n tou deur die venster laat sak, want haar huis was op die muur van die stad, sy het op die muur gewoon.

16Sy het vir die twee mans gesê: “Julle moet na die berge gaan, sodat die mense wat vir julle soek, julle nie kan kry nie. Julle moet drie dae lank daar wegkruip, daarna kan julle teruggaan op dieselfde pad wat julle gekom het.”

17Die mans het vir haar gesê: “Ons sal doen wat ons vir jou belowe het.

18Maar wanneer ons die land aanval, dan moet jy hierdie rooi tou vasbind aan die venster waar jy ons laat afsak het, en jy moet jou ouers en broers, jou hele familie, in jou huis laat bymekaarkom.

19As ’n persoon uit jou huis buitetoe gaan, en ons mense maak hom dood, dan sal dit sy eie skuld wees. Maar dit sal ons skuld wees as ons mense iemand doodmaak wat in jou huis is.

20En as jy sê dat ons hier was, dan sal ons nie doen wat ons belowe het nie.”

21Sy het toe gesê: “Dit is goed.” Sy het hulle toe laat gaan en sy het die rooi tou aan die venster vasgebind.

22Die twee mans het na die berge gegaan en hulle het drie dae lank daar gebly, totdat die manne wat vir hulle gaan soek het, teruggekom het. Die manne het gesoek op die hele pad na die Jordaan-rivier, maar hulle het nie die twee mans gekry nie.

© Bible Society of South Africa.

23Die twee mans het toe afgekom van die berg en hulle het oor die rivier gegaan. Toe hulle by Josua seun van Nun kom, het hulle vir hom alles vertel wat met hulle gebeur het.

24Hulle het vir Josua gesê: “Die Here sal die land vir ons gee, dit is seker, en die mense van die land is ook al klaar baie bang vir ons.”

Josua 3

Die Israeliete gaan oor die Jordaan-rivier

1Josua het vroeg die oggend weggegaan van Sittim, hy en al die Israeliete, en hulle het by die Jordaan-rivier gekom. Hulle het die nag daar gebly voordat hulle oorgegaan het.

2Ná drie dae het die voormanne deur die kamp gegaan

3en hulle het vir die mense gesê: “Wanneer julle sien dat die Levi-priesters die verbondskis van julle God die Here optel, dan moet julle kom en julle moet agter die kis loop.

4Maar julle moet onthou om ver van die kis te bly, omtrent 2 000 el, julle moenie nader kom nie. Julle moet agter die kis loop sodat julle kan weet waarnatoe julle moet gaan, want julle het nie voorheen hierdie pad geloop nie.”

5Josua het ook vir die volk gesê: “Julle moet julleself wy, want die Here sal môre wonderwerke doen tussen julle.”

6Josua het vir die priesters gesê: “Julle moet die verbondskis optel en julle moet voor die volk loop.” Die priesters het die verbondskis opgetel en hulle het voor die volk geloop.

7Die Here het vir Josua gesê: “Ek sal vandag begin om vir al die Israeliete te wys dat jy ’n belangrike man is. Hulle moet weet dat Ek by jou sal wees, soos Ek by Moses was.

8En jy moet self vir die priesters wat die verbondskis dra, sê: ‘Wanneer julle by die water van die Jordaan-rivier kom, dan moet julle in die rivier gaan staan.’ ”

9Daarna het Josua vir die Israeliete gesê: “Julle moet nader kom hiernatoe en julle moet hoor wat sê julle God die Here.”

10Josua het gesê: “Ek sal vir julle sê hoe julle sal weet dat die God wat lewe, tussen julle sal wees. Hy is die God wat die Kanaäniete, die Hetiete, die Hewiete, die Feresiete, die Girgasiete, die Amoriete en die Jebusiete sal wegjaag om plek te maak vir julle. Hy sál dit doen, dit is seker.

11Julle sal sien dat die verbondskis van die Here van die hele aarde voor julle oor die Jordaan-rivier sal gaan.

© Bible Society of South Africa.

12Daarom moet julle twaalf manne kies, een uit elke stam van Israel.

13Die priesters sal die kis van die Here dra, die Here van die hele aarde, en wanneer die priesters se voete in die water staan, dan sal die water wat van die bokant kom, ophou om af te vloei. Die water sal soos ’n wal bly staan.”

14Die priesters wat die verbondskis gedra het, was voor die volk toe hulle uit hulle kamp gekom het om na die Jordaan-rivier te gaan.

15Dit was die tyd om die koring af te sny, en dan was die Jordaan-rivier altyd vol water, tot oor sy walle. Toe die priesters wat die kis gedra het, by die Jordaan-rivier kom, en hulle sit hulle voete in die water,

16het die water wat van die bokant gekom het, opgehou vloei. Die water was soos ’n hoë wal, en al die water tot ver by die stad Adam het opgehou vloei. Adam was ’n stad naby die stad Saretan. Die water by die onderkant het weggevloei na die Sout-see, die see in die Jordaan-vallei. Al die Israeliete kon deur die droë rivier loop oorkant die stad Jerigo.

17Al die Israeliete het op droë grond oorgeloop. Die priesters wat die verbondskis van die Here gedra het, het op droë grond in die Jordaan-rivier gestaan totdat al die mense klaar oorgeloop het.

Josua 4

Die klippe by Gilgal

1Toe al die mense klaar deur die Jordaan-rivier gegaan het, het die Here vir Josua gesê:

2“Julle moet twaalf mans kies uit die volk, julle moet een man kies uit elke stam,

3en julle moet vir hulle sê: ‘Julle moet hier in die middel van die Jordaan-rivier twaalf klippe optel, op die plek waar die priesters gestaan het. Julle moet die klippe saamneem en julle moet die klippe neersit op die plek waar julle vannag gaan slaap.’ ”

4Josua het toe die twaalf mans geroep wat hy uit die Israeliete gekies het, een man uit elke stam,

5en hy het vir hulle gesê: “Julle moet voor die kis van julle God die Here loop na die middel van die Jordaan-rivier, en julle elkeen moet ’n klip optel en op sy skouer sit, een klip vir elke stam van die Israeliete.

6Die klippe moet vir julle ’n teken wees. Wanneer julle kinders eendag vir julle vra: ‘Wat beteken daardie klippe vir julle?’

7dan moet julle vir hulle sê: ‘Toe die verbondskis van die Here deur die Jordaan-rivier gegaan het, het die water opgehou om te vloei. Daardie klippe is daar sodat die Israeliete altyd sal onthou wat gebeur het.’ ”

© Bible Society of South Africa.

8Die Israeliete het gedoen wat Josua gesê het. Hulle het twaalf klippe in die Jordaan-
rivier opgetel, een klip vir elke stam van die Israeliete. Hulle het die klippe
saamgeneem en hulle het dit neergesit op die plek waar hulle die nag geslaap het.
Die Here het vir Josua gesê hulle moet dit doen.

9Josua het twaalf klippe regop gesit in die Jordaan-rivier op die plek waar die
priesters gestaan het wat die verbondskis gedra het. Die klippe is nou nog daar.

10Die priesters wat die kis gedra het, het in die Jordaan-rivier bly staan totdat alles
gebeur het wat die Here vir Josua gesê het. Josua moes vir die Israeliete alles sê wat
Moses vir hom gesê het om te doen. Die Israeliete was haastig, hulle het vinnig oor
die rivier gegaan.

11Toe hulle klaar oorgegaan het, het die priesters die verbondskis van die Here ook
oorgedra, en hulle het voor die volk geloop.

12Die manne van die stamme Ruben en Gad en die halwe Manasse-stam het voor
die Israeliete oorgegaan. Hulle was gereed om oorlog te maak.

13Daar het omtrent 40 000 manne voor die verbondskis oorgegaan na die Jordaan-
vallei naby die stad Jerigo.

14Die Here het daardie dag vir Josua ’n belangrike man laat word. Al die Israeliete het
gedink Josua is ’n belangrike man, hulle het hom gerespekteer so lank soos hy
gelewe het, soos hulle ook vir Moses gerespekteer het.

15Die Here het vir Josua gesê:

16“Sê vir die priesters hulle moet uitkom uit die Jordaan-rivier.”

17Josua het toe vir die priesters gesê hulle moet uitkom.

18Die priesters wat die verbondskis van die Here gedra het, het uit die Jordaan-rivier
gekom, en toe hulle voete aan die kant van die rivier raak, het die water van die
rivier weer begin vloei, soos voorheen. Die rivier het oor sy walle gevloei, soos
voorheen.

19Die Israeliete het uit die Jordaan-rivier gekom op die tiende dag van die eerste
maand, en hulle het hulle tente opgeslaan by die plek Gilgal oos van die stad Jerigo.

20Josua het daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan-rivier geneem het, regop
gesit by Gilgal,

21en hy het vir die Israeliete gesê: “Wanneer julle kinders eendag vir hulle pa’s vra
wat daardie klippe beteken,

22dan moet julle vir die kinders vertel: ‘Israel het op droë grond oor hierdie Jordaan-
rivier gegaan.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Die Here het die water van die Jordaan-rivier laat ophou vloei, sodat julle kon oorgaan. Julle God die Here het dit ook gedoen by die Riet-see. Hy het die see laat ophou vloei sodat ons kon deurgaan.

24Die Here het dit gedoen sodat al die volke van die aarde moet weet dat die Here sterk is en sodat julle self julle God die Here altyd sal respekteer en dien."

Josua 5

Die konings in die land word bang vir die Israeliete

1"Die konings van die Amoriete wes van die Jordaan-rivier en die konings van die Kanaäniete by die see het gehoor dat die Here die water van die Jordaan-rivier laat ophou vloei het sodat die Israeliete oor die rivier kon gaan. Die konings het baie bang geword, hulle was bang om teen die Israeliete te veg."

Josua besny die mans en die seuns

2Die Here het toe vir Josua gesê: "Jy moet klipmesse maak en jy moet die Israeliete besny."

3Josua het klipmesse gemaak en hy het die Israeliete besny by Voorhuide-heuwel.

4Hoekom moes Josua dit doen? Want al die mans wat uit Egipte gekom het, almal wat kon oorlog maak, het in die woestyn gesterf nadat hulle uit die land Egipte gekom het.

5Almal wat uit Egipte gekom het, was besny, maar almal wat in die woestyn gebore is, nadat hulle uit Egipte gekom het, is nie besny nie.

6Die Israeliete moes 40 jaar lank deur die woestyn loop totdat al die mans gesterf het wat uit Egipte gekom het, almal wat kon oorlog maak. Want hulle was nie gehoorsaam aan die Here nie, en die Here het gesê hulle sal nie die land sien nie. Hy het vir hulle voorvaders belowe dat Hy die land vir ons sal gee. Dit is 'n land waar daar baie melk en heuning is.

7Die Here het seuns gegee in die plek van hulle pa's, en Josua het húlle besny. Hulle is nie op die pad van Egipte af hiernatoe besny nie.

8Toe almal klaar besny is, het hulle daar in die kamp gebly totdat hulle gesond was.

9Die Here het vir Josua gesê: "Julle was slawe in Egipte, maar Ek het vandag die skande weggeneem van julle." Daarom het die Here daardie plek Gilgal genoem, en dit is vandag nog die plek se naam.

Die Israeliete vier die Paasfees

10Die Israeliete het die Paasfees gevier terwyl hulle in die kamp by Gilgal was, in die Jordaan-vallei naby Jerigo. Dit was op die aand van die veertiende dag van die maand.

© Bible Society of South Africa.

11Die dag ná die Paasfees het hulle die eerste maal kos geëet van daardie land. Dit was ongesuurde brood en gebraaide koring.

12Daar het nie meer manna uit die hemel geval nie. Dit het opgehou val van die dag toe hulle kos van die land Kanaän geëet het. Die Israeliete het nie weer manna gekry nie. Hulle het daardie jaar kos geëet wat in daardie land gegroei het.

Josua sien die hoof van die leër van die Here

13Toe Josua by Jerigo was, het hy ’n man voor hom sien staan. Die man het sy swaard in sy hand gehad. Josua het na die man toe gegaan en hy het vir hom gevra: “Is jy een van ons of is jy een van ons vyande?”

14Die man het vir hom gesê: “Nee, ek is die hoof van die leër van die Here, ek het nou gekom.” Josua het gebuig en hy het met sy gesig teen die grond gaan lê en gesê: “Wat wil Meneer vir my sê? Ek sal doen wat jy sê.”

15Die hoof van die leër van die Here het vir Josua gesê: “Jy moet jou sandale uittrek, want jy staan op ’n gewyde plek.” Josua het dit gedoen.

Josua 6

Die Israeliete oorwin en verwoes die stad Jerigo

1Die stad Jerigo was toe. Die poorte was gesluit sodat die Israeliete nie kon inkom nie. Niemand het uit die stad gegaan nie en niemand het ingekom nie.

2Die Here het vir Josua gesê: “Luister na My, Ek gee Jerigo vir jou, en ook sy koning en sy soldate, julle sal hulle oorwin.

3Julle moet om die stad loop, almal wat kan oorlog maak. Julle moet ses dae lank elke dag een maal om die stad loop.

4Sewe priesters moet elkeen ’n ramshoring dra voor die kis. Op die sewende dag moet julle sewe maal om die stad loop terwyl die priesters die ramshorings blaas.

5Wanneer die priesters die ramshorings lank aanmekaar blaas, en julle hoor dit, dan moet al die manne hard skree om die oorlog te begin. Die muur van die stad sal dan omval, en die manne moet opklim, elkeen moet reguit vorentoe gaan.”

6Josua seun van Nun het die priesters geroep en hy het vir hulle gesê: “Julle moet die verbondskis dra, en sewe priesters moet elkeen ’n ramshoring dra en hulle moet voor die kis van die Here loop.”

7Josua het vir die volk gesê: “Julle moet begin loop. Julle moet om die stad gaan, en die manne wat wapens het, moet voor die kis van die Here loop.”

8Dit het gebeur soos Josua vir die mense gesê het. Die sewe priesters wat elkeen ’n ramshoring gedra het, het voor die kis geloop en hulle het die ramshorings geblaas. Agter hulle het die priesters geloop wat die verbondskis van die Here gedra het.

© Bible Society of South Africa.

9Die manne wat wapens gehad het, het voor die priesters geloop, en die ander mense het agter die kis geloop. Die priesters het aangehou om die ramshorings te blaas.

10Josua het vir die manne gesê: “Julle moenie skree nie, julle moet stilbly. Daar moenie ’n woord uit julle mond kom voordat ek vir julle sê nie, dan moet julle hard skree.”

11Die priesters het die kis van die Here een maal om die stad gedra, en toe hulle by die kamp kom, het hulle die nag daar gebly.

12Josua het die volgende oggend vroeg opgestaan, en die priesters het die kis van die Here opgetel en gedra.

13Die sewe priesters het elkeen ’n ramshoring gedra en hulle het voor die kis van die Here geloop. Hulle het aangehou om die ramshorings te blaas. Die manne wat wapens gehad het, het voor hulle geloop, en die ander mense het agter die kis van die Here geloop. Die priesters het aangehou om die ramshorings te blaas.

14Hulle het op die tweede dag een maal om die stad geloop en toe het hulle teruggegaan na die kamp. Hulle het dit ses dae lank elke dag gedoen.

15Op die sewende dag het hulle vroeg opgestaan toe dit begin lig word, en hulle het dieselfde gedoen, maar hulle het toe sewe maal om die stad geloop. Hulle het net op hierdie sewende dag sewe maal om die stad geloop.

16En toe die priesters die sewende maal die ramshorings blaas, het Josua vir die manne gesê: “Julle moet skree om die oorlog te begin, want die Here sal julle laat wen teen die mense van hierdie stad.

17Maar julle moet die stad en alles wat daarin is, aan die Here wy en julle moet dit verwoes. Net die prostituut Ragab en almal by haar in haar huis mag aanhou lewe, want sy het ons boodskappers weggesteek.

18En onthou, julle moet versigtig wees met alles wat aan die Here gewy is, julle moenie iets vat wat aan die Here gewy is nie. As julle dit doen, dan sal die kamp van Israel ook aan die Here gewy wees, en dan bring julle die dood in die kamp.

19Die silwer en die goud en die goed van brons en yster is aan die Here gewy, julle moet dit sit in die stoorkamer van die Here.”

20Die manne het geskree om die oorlog te begin, en hulle het die ramshorings geblaas. Toe die manne hoor die ramshorings blaas, het hulle hard geskree om die oorlog te begin. Die muur van die stad het omgeval, en die manne het opgeklim in die stad, elkeen het reguit vorentoe in die stad ingegaan en hulle het die stad oorwin.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Hulle het almal en alles in die stad doodgemaak, mans en vroue, jongmense en oumense, beeste, skape en donkies.

22Josua het vir die twee mans wat gaan kyk het hoe die land is, gesê: “Gaan na die huis van die prostituut en bring haar en al haar mense uit. Doen dit, want julle het dit vir haar belowe.”

23Die jongmanne wat gaan kyk het hoe die land is, het gegaan en hulle het vir Ragab, haar ouers, haar broers en al haar mense, haar hele familie, uitgebring. Die jongmanne het hulle buite die kamp van die Israeliete laat bly.

24Die manne het die stad en alles wat daarin was, verbrand. Hulle het net die silwer en die goud en die goed van brons en yster in die stoorkamer van die tempel gesit.

25Josua het vir Ragab en haar familie, al haar mense, laat aanhou lewe. Sy het tussen die Israeliete gewoon, en haar nageslag woon nou nog hier, want sy het die boodskappers weggesteek wat Josua gestuur het om te kyk hoe die land is.

26In daardie tyd het Josua met die mense gepraat en hy het gesê die Here is die getuie. Josua het gesê: “Ek vervloek die man wat probeer om hierdie stad Jerigo weer te bou. Sy oudste seun sal sterf wanneer hy die fondamente van die stad bou, en sy jongste seun sal sterf wanneer hy die poorte se deure insit.”

27Die Here was by Josua, en al die mense in die land het geweet van hom.

Josua 7

Akan steel gewyde goed en hy sterf

1Die Israeliete was nie gehoorsaam aan die Here nie. Hulle was ontrou met die goed wat gewy was. Akan seun van Karmi seun van Sabdi seun van Serag was van die Juda-stam. Akan het van die goed gevat wat gewy was, en die Here het kwaad geword vir die Israeliete.

2Josua het mans gestuur van Jerigo na die stad Ai, naby die stad Bet-Awen, oos van die stad Bet-El. Josua het vir hulle gesê hulle moet gaan kyk hoe die plek is. Die mans het gegaan en hulle het gekyk hoe die stad Ai is.

3Hulle het teruggekom na Josua toe en vir hom gesê: “Jy moenie al die manne laat gaan nie, omtrent 2 000 of 3 000 manne is genoeg om Ai te oorwin. Daar is nie baie mense in Ai nie, jy moenie al die manne moeg maak nie.”

4Daar het toe omtrent 3 000 manne gegaan, maar die manne van Ai het hulle oorwin en hulle het weggevlug van die manne van Ai.

5Die manne van Ai het omtrent 36 Israeliete doodgemaak. Hulle het die Israeliete gevolg en gejaag van die poort van Ai tot by die klowe in die berge en hulle het die

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Israeliete doodgemaak toe hulle daar afgaan. Die Israeliete het moedeloos en baie bang geword.

6Josua het sy klere geskeur en hy het tot die aand voor die kis van die Here gaan lê met sy gesig teen die grond, hy en die leiers van Israel. Hulle het stof op hulle koppe gegooi.

7Josua het gebid en gevra: “Ag, Here, my Here, hoekom het U hierdie volk oor die Jordaan-rivier laat kom? Hoekom het U ons vir die Amoriete gegee sodat hulle ons almal kan doodmaak? Dit sou beter gewees het as ons anderkant die Jordaan-rivier gebly het.

8Asseblief, Here, wat kan ek nou sê? Die Israeliete het gevlug vir hulle vyande!

9Die Kanaäniete en die ander mense in die land sal hoor wat gebeur het, en hulle sal ons aanval en vang en ons doodmaak sodat niemand in die land sal onthou dat ons hier was nie. Wat sal U dan doen sodat mense kan aanhou om U te respekteer?”

10Toe sê die Here vir Josua: “Staan op, hoekom lê jy hier met jou gesig teen die grond?

11Die Israeliete het sonde gedoen, hulle het ook verkeerd gedoen teen my verbond wat Ek met hulle gemaak het. Hulle het van die gewyde goed gevat, hulle het dit gesteel en hulle het dit skelm by hulle eie goed gesit.

12Daarom kan die Israeliete nie teen hulle vyande veg nie, hulle sal weer verloor en vlug vir hulle vyande, want hulle is nou self gewy en hulle sal moet sterf. Julle moet die goed wegvat wat gewy is. As julle dit nie doen nie, dan sal Ek nie meer by julle wees nie.

13Jy moet opstaan en vir die volk sê: ‘Julle moet julleself wy vir môre, want die Here, die God van Israel, sê: “Julle het goed by julle wat gewy is, en julle sal nie teen julle vyande kan wen nie, julle moet eers die goed wegvat.”

14Julle moet môre-oggend nader kom, elke stam apart. Die Here sal ’n stam kies, en dan moet elke familie van daardie stam nader kom. Die Here sal ’n familie kies, en dan moet elke huisgesin van daardie familie nader kom. Die Here sal ’n huisgesin kies, en dan moet elke man in daardie huisgesin nader kom.

15Die Here sal wys wie is die man wat die gewyde goed gevat het, en dan moet julle hom verbrand, hom en al sy mense. Want hierdie man het verkeerd gedoen teen die verbond van die Here, hy het ’n dwase ding gedoen tussen die Israeliete.’ ”

16Josua het vroeg die oggend opgestaan en hy het die stamme van die Israeliete laat nader kom. Die Here het die Juda-stam gekies.

© Bible Society of South Africa.

17Toe het hy die families van die Juda-stam laat nader kom, en die Here het die
Serag-familie gekies. Uit die Serag-familie het die Here die huisgesin van Sabdi
gekies.

18Toe het Josua die huisgesin van Sabdi laat nader kom, en die Here het vir Akan
seun van Karmi seun van Sabdi gekies.

19Toe sê Josua vir Akan: “My seun, jy moet die Here, die God van Israel, respekteer.
Jy moet Hom prys en sê dat Hy doen wat reg is. Sê asseblief vir my wat jy gedoen
het, moenie dit vir my wegsteek nie.”

20Akan het geantwoord: “Ja, ek het sonde gedoen teen die Here, die God van Israel.
Dit is wat ek gedoen het:

21Ek het tussen die goed wat ons gevat het, ’n mooi bo-kleed gesien uit die land
Sinar, en ook 200 sikkels silwer en ’n staaf goud wat 50 sikkels weeg. Ek wou dit
graag hê en ek het dit gevat. Ek het dit in my tent begrawe. Die silwer is onder al die
ander goed.”

22Josua het mense gestuur en hulle het na die tent gehardloop. Daar kry hulle toe die
goed wat in die tent begrawe is, die silwer was onder al die ander goed.

23Hulle het die goed uit die tent geneem en hulle het dit na Josua en al die Israeliete
toe gebring. Hulle het dit daar voor die kis van die Here neergesit.

24Josua en al die Israeliete het vir Akan seun van Serag geneem en hulle het hom na
die Akor-vallei gebring. Hulle het ook alles wat aan Akan behoort het, na die Akor-
vallei gebring: die silwer en die bo-kleed en die goud, en Akan se kinders, sy beeste,
sy donkies, sy skape en bokke.

25Josua sê toe vir Akan: “Jy het die dood oor ons gebring, baie van ons het gesterf.
Vandag sal die Here die dood oor jou bring, jy sal sterf.” Al die Israeliete het toe vir
Akan en sy kinders en sy diere met klippe doodgegooi en verbrand.

26Hulle het ’n groot hoop klippe oor hulle gepak. Dit is nou nog daar. Die Here was
toe nie meer kwaad nie. Die plek se naam is nou nog Akor-vallei.

Josua 8

Die Israeliete oorwin en verwoes die stad Ai

1Die Here het vir Josua gesê: “Jy moenie bang en bekommerd wees nie, jy moet al
die manne neem wat kan oorlog maak en jy moet dadelik na die stad Ai gaan. Ek sal
jou laat wen teen die koning van Ai en sy manne, en teen sy stad en sy land.

2Jy moet met Ai en sy koning dieselfde doen wat jy met Jerigo en sy koning gedoen
het, maar julle mag die goed in die stad en die diere vir julleself hou. Jy moet manne
laat wegkruip sodat hulle die stad van agter kan aanval.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[3]Josua en al die manne wat kon oorlog maak, het dadelik na Ai gegaan. Josua het 30 000 manne gekies wat goed oorlog kon maak en hy het hulle in die nag gestuur

[4]en vir hulle gesê: “Julle moet agter die stad gaan wegkruip, maar julle moenie ver van die stad wees nie en julle moet almal gereed wees.

[5]Ek en die manne by my sal nader kom na die stad, en wanneer hulle soos voorheen weer kom om ons aan te val, dan sal ons wegvlug van hulle.

[6]Hulle sal aanhou om na ons toe te kom totdat hulle ver van die stad is, want hulle sal dink ons vlug weg van hulle, soos voorheen.

[7]Dan moet julle opstaan waar julle weggekruip het en julle moet die stad vat. Julle God die Here sal julle help om te oorwin.

[8]Wanneer julle die stad gevat het, dan moet julle dit aan die brand steek. Die Here het gesê ons moet dit doen, en nou sê ek julle moet dit doen.”

[9]Josua het die manne gestuur, en hulle het gaan wegkruip wes van Ai, tussen die stad Bet-El en Ai. Josua het daardie nag tussen die ander manne geslaap.

[10]Hy het vroeg opgestaan en hy het die manne laat gereedmaak. Hy en die leiers van die Israeliete het voor die manne na Ai geloop.

[11]Al die manne wat saam met Josua was, het nader gegaan en hulle het voor die stad gekom. Hulle het hulle tente opgeslaan noord van die stad. Daar was ’n vallei tussen hulle en die stad Ai.

[12]Josua het omtrent 5 000 manne laat wegkruip tussen Bet-El en Ai, wes van Ai.

[13]Josua en die leiers het gesê die manne moet op hulle plekke wees. Die groot kamp was noord van die stad en die ander manne was wes van die stad. Josua het daardie nag deur die vallei geloop.

[14]En dadelik toe die koning van Ai die Israeliete sien, het die manne van die stad gereedgemaak en uitgegaan om die Israeliete aan te val. Die koning en sy manne het die Israeliete in die Jordaan-vallei gaan aanval. Hy het nie geweet dat party Israeliete agter die stad weggekruip het nie.

[15]Dit het gelyk of Josua en al die Israeliete die oorlog verloor, hulle het na die woestyn gevlug.

[16]Die koning van Ai het al die manne wat nog in die stad was, laat kom om die Israeliete te volg en te jaag. Terwyl hulle dit gedoen het, het hulle verder en verder van die stad gegaan.

[17]Nie een man het in die stede Ai en Bet-El oorgebly nie, hulle het almal die Israeliete gevolg en gejaag en hulle het die stad oop gelos.

© Bible Society of South Africa.

18Toe sê die Here vir Josua: “Tel jou spies op en wys daarmee na Ai, want Ek gee die stad vir jou.” Josua het sy spies opgetel en hy het na die stad gewys.

19Toe hy dit doen, het die manne wat weggekruip het, vinnig opgestaan en hulle het in die stad ingegaan. Hulle het die stad oorwin en dit gevat. Hulle het die stad dadelik aan die brand gesteek.

20Toe die manne van Ai omkyk, sien hulle die rook uit die stad gaan op in die lug. Hulle wou vlug, maar hulle kon nie, want die Israeliete wat na die woestyn gevlug het, het omgedraai en hulle het die manne aangeval wat hulle gevolg en gejaag het.

21Josua en al die Israeliete het gesien dat die manne wat weggekruip het, die stad oorwin en gevat het, en dat daar rook uit die stad trek. Hulle het omgedraai en hulle het die manne van Ai aangeval.

22Die Israeliete wat in die stad was, het ook uitgekom om die manne van Ai aan te val. Daar was nou Israeliete voor die manne van Ai en ook agter hulle. Die Israeliete het al die manne van Ai doodgemaak, daar het nie een aangehou lewe nie en nie een kon vlug nie.

23Die Israeliete het die koning van Ai lewendig gevang en hulle het hom vir Josua gebring.

24Die Israeliete het almal doodgemaak wat in die stad gewoon het, ook almal wat hulle buite die stad en in die woestyn gekry het, daar het nie een van hulle aangehou lewe nie. Daarna het al die Israeliete teruggekom na die stad Ai en hulle het die stad aangeval.

25Die mense van Ai wat daardie dag gesterf het, mans en vroue, was almal saam 12 000.

26Josua het die spies in sy hand gehou, en hy het nie sy hand laat sak nie, hy het eers gewag totdat die Israeliete almal in die stad doodgemaak het.

27Die Israeliete het net die diere en die goed van die stad vir hulleself gevat. Die Here het vir Josua gesê hulle mag dit doen.

28Josua het die stad Ai laat verbrand. Dit is tot vandag net ’n hoop klippe, en daar woon niemand nie.

29Hy het die koning van Ai opgehang aan ’n boom. Toe die son daardie aand ondergaan, het Josua gesê hulle moet die lyk afhaal van die boom. Hulle het dit gedoen en hulle het die lyk in die poort van die stad gegooi. Hulle het dit met ’n groot hoop klippe toegegooi. Die klippe is nou nog daar.

Josua lees vir die volk die wette van die Here

30Josua het vir die Here, die God van Israel, ’n altaar gebou op Ebal-berg.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

31Dit was ’n altaar van heel klippe, dit was nie klippe wat mense gekap het nie. Moses het vir die Israeliete gesê dat hulle dit so moet bou, en dit is geskryf in die Wetboek van Moses. Die Israeliete het vir die Here brand-offers op die altaar ge-offer en hulle het ete-offers ge-offer.

32Josua het die Wette van Moses oorgeskryf op die klippe. Die Israeliete het gesien dat hy dit skryf.

33Al die Israeliete was daar, saam met hulle leiers, hulle voormanne en hulle regters. Hulle het langs die twee kante van die kis gestaan, voor die Levi-priesters wat die kis van die Here moes dra. Daar was vreemdelinge saam met die Israeliete. Die een helfte van die mense het voor Gerisim-berg gestaan en die ander helfte van die mense het voor Ebal-berg gestaan. Moses, die dienaar van die Here, het voorheen gesê hulle moet dit doen sodat hulle die volk Israel kan seën.

34Josua het toe alles gelees wat in die wette geskryf is oor wanneer die Here mense seën of vervloek. Hy het alles gelees wat daaroor geskryf is in die Wetboek.

35Josua het álles wat Moses gesê het, vir die hele volksvergadering gelees, hy het nie een woord gelos nie. Hy het dit ook gelees vir die vroue en die kinders en die vreemdelinge wat tussen hulle gewoon het.

Josua 9

Die Gibeon-mense

1Al die konings wes van die Jordaan-rivier het gehoor wat gebeur het. Die konings het gewoon in die berge en in die Laeveld en langs die Groot See tot teen die Libanon-berg. Hulle was die konings van die Hetiete, die Amoriete, die Kanaäniete, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete.

2Die konings het bymekaargekom om saam oorlog te maak teen Josua en die Israeliete.

3Die mense wat in die stad Gibeon gewoon het, het gehoor wat Josua gedoen het met die stede Jerigo en Ai.

4Hulle maak toe self ’n slim plan. Hulle het besluit om te maak of hulle boodskappers is. Hulle het ou saalkleedjies geneem vir hulle donkies, en ou wynsakke wat geskeur het en wat hulle toegebind het.

5Hulle het ou sandale aangetrek wat hulle reggemaak het, en hulle het ou klere gedra. Hulle padkos was droë krummels.

6Hulle het na Josua toe gegaan in die kamp by Gilgal en hulle het vir hom en die leiers van die Israeliete gesê: “Ons kom van ’n ver land, en nou moet julle ’n ooreenkoms maak met ons.”

© Bible Society of South Africa.

7Die leiers van die Israeliete het vir die Hewiete gesê: “Julle woon miskien hier naby ons, en dan kan ons nie ’n ooreenkoms maak met julle nie.”

8Hulle sê toe vir Josua: “Ons sal vir julle werk.” Josua vra toe: “Wie is julle en van waar kom julle?”

9Hulle het vir hom gesê: “Ons kom van ’n baie ver land. Maar ons het die Naam van jou God die Here gehoor, en ons het gehoor van alles wat Hy in Egipte gedoen het.

10Ons het ook gehoor van alles wat Hy gedoen het aan die twee konings van die Amoriete oos van die Jordaan-rivier: koning Sihon van Gesbon en koning Og van Basan. Og het in Astarot gewoon.

11Ons leiers en al die mense in ons land het vir ons gesê: ‘Julle moet padkos saamneem en julle moet na die Israeliete toe gaan en vir hulle sê: “Ons wil vir julle werk, daarom moet julle ’n ooreenkoms maak met ons.” ’

12Kyk ons brood, dit was warm toe ons dit uit ons huise saamgeneem het en na julle toe gekom het, en kyk, nou is dit droë krummels.

13Hierdie wynsakke was nuut toe ons hulle volgemaak het, en kyk, hulle het gebars. En hier is ons klere en ons sandale, hulle het oud geword op die lang pad waar ons geloop het.”

14Die Israeliete het van die padkos geëet, maar hulle het nie vir die Here gevra wat hulle vir die boodskappers moet sê nie.

15Josua het vrede gemaak met die Gibeon-mense. Hy het ’n ooreenkoms gemaak met hulle en gesê dat hy hulle nie sal doodmaak nie. Die leiers van die volksvergadering het dit belowe en hulle het gesê die Here is die getuie.

16Maar drie dae nadat hulle die ooreenkoms gemaak het, het hulle gehoor dat dit mense is wat baie naby woon.

17Toe die Israeliete verder gaan, het hulle op die derde dag by die stede van die Gibeon-mense gekom. Die stede was Gibeon, Kefira, Beërot en Kirjat-Jearim.

18Maar die Israeliete het nie die Gibeon-mense doodgemaak nie, want die leiers van die volksvergadering het belowe dat hulle dit nie sal doen nie, en hulle het gesê die Here, die God van Israel, is die getuie. Die hele volksvergadering het hulle leiers beskuldig,

19maar al die leiers het vir hulle gesê: “Ons het self vir hulle belowe dat ons hulle nie sal doodmaak nie en ons het gesê die Here, die God van Israel, is die getuie. Daarom kan ons hulle nie nou aanval nie.

20Ons moet doen wat ons belowe het, ons moet hulle laat lewe. As ons dit nie doen nie, dan sal die Here kwaad word vir ons, want ons het belowe en ons het gesê Hy is die getuie.”

© Bible Society of South Africa.

21Die leiers het vir die Israeliete gesê hulle moet die Gibeon-mense laat lewe, maar die Gibeon-mense moes van toe af hout kap en water skep vir al die Israeliete. Die leiers het vir hulle gesê hulle moet dit doen.

22Josua het die Gibeon-mense geroep en hy het vir hulle gesê: “Julle woon hier naby ons. Hoekom het julle ons bedrieg? Hoekom het julle vir ons gesê julle woon baie ver van ons?

23Daarom vervloek ek julle nou. Julle sal altyd slawe moet wees, julle sal die hout moet kap en die water moet skep vir die tempel van my God.”

24Die Gibeon-mense sê toe vir Josua: “Ons het dit gedoen omdat ons gehoor het dat jou God die Here vir sy dienaar Moses gesê het dat Hy die hele land vir julle gee en dat Hy almal in die land sal doodmaak om plek te maak vir julle. Toe ons dit hoor, het ons baie bang geword. Ons was bang dat julle ons sal doodmaak, daarom het ons hierdie ding gedoen.

25Hier is ons nou, jy kan met ons doen wat jy besluit.”

26Josua het toe dít gedoen: Hy het gekeer sodat die Israeliete nie die Gibeon-mense doodmaak nie,

27maar hy het gesê die Gibeon-mense moet van daardie dag af hout kap en water skep vir al die Israeliete en vir die altaar van die Here. Hulle moes dit doen op die plek wat die Here sal kies. Hulle doen dit nou nog.

Josua 10

Vyf konings maak oorlog teen die stad Gibeon

1Koning Adoni-Sedek van Jerusalem het gehoor wat gebeur het. Hy het gehoor dat Josua die stad Ai oorwin het en dat hy die stad heeltemal verwoes het. Hy het gehoor dat Josua met Ai en sy koning dieselfde gedoen het wat hy gedoen het met Jerigo en sy koning. Hy het ook gehoor dat die mense van Gibeon vrede gemaak het met die Israeliete, en dat die Israeliete tussen die mense van Gibeon gaan woon het.

2Die mense van Jerusalem het toe baie bang geword, want Gibeon was ’n groot stad. Dit was soos die stad van ’n koning, dit was groter as die stad Ai, en al die manne van Gibeon kon goed oorlog maak.

3Koning Adoni-Sedek van Jerusalem het ’n boodskap gestuur na koning Hoham van die stad Hebron, koning Piram van die stad Jarmut, koning Jafia van die stad Lakis en koning Debir van die stad Eglon. Hy het gevra:

4“Julle moet my kom help, ons moet Gibeon aanval, want daardie mense het vrede gemaak met Josua en die Israeliete.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Die vyf konings van die Amoriete het toe bymekaargekom, dit was die konings van Jerusalem, Hebron, Jarmut, Lakis en Eglon. Hulle en hulle leërs het hulle tente opgeslaan by Gibeon en hulle het begin om oorlog te maak teen die stad.

6Die mense van Gibeon het toe ’n boodskap gestuur na Josua in die kamp by Gilgal en hulle het gevra: “Jy moenie vir ons los nie, jy moet gou na ons toe kom en jy moet ons red en help, want al die konings van die Amoriete wat in die berge woon, het bymekaargekom om teen ons oorlog te maak.”

7Josua het van Gilgal gegaan en al die manne wat kon oorlog maak, het saam met hom gegaan, almal wat goed kon veg.

8Die Here het vir Josua gesê: “Jy moenie bang wees vir hulle nie, want Ek sal jou laat wen teen hulle, nie een van hulle sal iets teen jou kan doen nie.”

9Josua het weggegaan van Gilgal. Hy het die hele nag geloop en hy het by die Amoriete gekom toe hulle dit nie verwag het nie.

10Die Here het die Amoriete laat vlug vir die Israeliete, en die Israeliete het baie Amoriete daar by Gibeon doodgemaak. Hulle het die Amoriete gevolg en gejaag op die pad oor die berg na die stad Bet-Goron. Hulle het aangehou om die Amoriete te volg en dood te maak tot by die stede Aseka en Makkeda.

11Die Amoriete het weggevlug van die Israeliete, en toe die Amoriete op die pad was van die berg na die stad Bet-Goron, het die Here groot haelstene laat val op hulle. Baie Amoriete het gesterf, meer Amoriete as wat die Israeliete met hulle swaarde doodgemaak het.

12Josua het daardie dag met die Here gepraat, die dag toe die Here die Israeliete laat wen het teen die Amoriete. Die Israeliete het gehoor toe Josua sê: “Son, jy moet stilstaan by die stad Gibeon, maan, jy moet stilstaan in die Ajalon-vallei.”

13Die son en die maan het toe stilgestaan totdat die Israeliete hulle vyande oorwin het. Dit is so geskryf in die Boek van Jasar: Die son het stilgestaan hoog in die lug, die son het omtrent ’n hele dag lank nie ondergegaan nie.

14Daar was nog nooit ’n dag soos hierdie dag nie, nie voorheen nie en ook nie later nie. Die Here het gedoen wat ’n mens vir Hom gevra het, want die Here het self oorlog gemaak, sodat die Israeliete hulle vyande kon oorwin.

15Josua en al die manne van Israel het teruggegaan na die kamp by die stad Gilgal.

16Daardie vyf konings het gevlug en hulle het gaan wegkruip in ’n grot by die stad Makkeda.

17Josua het gehoor dat sy manne die vyf konings gekry het waar hulle wegkruip in die grot by Makkeda,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18en hy het vir sy manne gesê: “Julle moet groot klippe voor die grot rol en julle moet manne daar laat bly om wag te staan.

19Maar julle moenie daar bly staan nie, julle moet julle vyande volg en jaag en julle moet hulle van agter aanval. Julle moet keer sodat hulle nie in hulle stede kom nie, want God sal julle laat wen teen hulle.”

20Josua en die Israeliete het aangehou om die Amoriete te volg en dood te maak en hulle het baie Amoriete doodgemaak. Min Amoriete het vry weggekom en min het ingegaan in die stede wat sterk mure gehad het.

21Al die Israeliete het veilig teruggekom na Josua toe, na die kamp by die stad Makkeda. Niemand kon nou iets sê teen die Israeliete nie.

22Josua het toe gesê sy manne moet die grot oopmaak en hulle moet die vyf konings uitbring na hom toe.

23Die manne het dit gedoen. Hulle het daardie vyf konings uit die grot gebring na Josua toe. Dit was die konings van die stede Jerusalem, Hebron, Jarmut, Lakis en Eglon.

24Nadat hulle die konings na Josua gebring het, het Josua al die Israeliete geroep en hy het gepraat met die leiers van die manne wat saam met hom oorlog gemaak het. Hy het vir hulle gesê: “Kom sit julle voete op die nekke van hierdie konings.” Die leiers het gekom en hulle het hulle voete op die nekke van daardie konings gesit.

25Josua het vir die leiers gesê: “Julle moenie bang en bekommerd wees nie, julle moet sterk en dapper wees, want julle sal oorlog moet maak teen julle vyande, maar die Here sal dieselfde doen met daardie vyande.”

26Josua het toe die vyf konings doodgemaak, en hy het hulle liggame laat ophang aan bome. Die liggame het tot die aand daar gehang.

27Toe die son ondergaan, het Josua gesê hulle moet die liggame afhaal van die bome. Hulle het dit gedoen en hulle het die liggame in die grot gegooi waar die vyf konings weggekruip het. Toe het hulle groot klippe voor die grot gesit. Die klippe is nou nog daar.

Josua oorwin ander stede

28Josua het daardie dag ook die stad Makkeda oorwin en hy het die mense in die stad doodgemaak. Hy het gesê hulle is gewy aan die Here en hy het hulle almal doodgemaak, daar het niemand vry weggekom nie. Josua het met die koning van Makkeda dieselfde gedoen wat hy gedoen het met die koning van Jerigo.

29Josua en al die manne van Israel het van Makkeda na die stad Libna gegaan, en hy het oorlog gemaak teen die stad.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30Die Here het die Israeliete laat wen teen die mense van Libna en teen die koning van die stad. Hy het almal in die stad laat doodmaak. Nie een het aangehou lewe nie. Josua het met die koning van Libna dieselfde gedoen wat hy gedoen het met die koning van Jerigo.

31Josua en al die manne van Israel het toe verder gegaan, hulle het na die stad Lakis gegaan. Hulle het hulle tente opgeslaan rondom die stad en hulle het die stad aangeval.

32Die Here het die Israeliete laat wen teen die mense van Lakis. Josua het die stad oorwin op die tweede dag. Hy het al die mense in die stad doodgemaak, soos hy gedoen het met die mense in Libna.

33In daardie tyd het koning Horam van die stad Geser gekom om die mense van Lakis te help, maar Josua het die koning en sy mense oorwin, daar het nie een mens aangehou lewe nie.

34Josua en al die manne van Israel het verder gegaan van Lakis na die stad Eglon. Hulle het hulle tente opgeslaan rondom die stad en hulle het die stad aangeval.

35Hulle het daardie dag die stad oorwin en hulle het al die mense in die stad doodgemaak, soos hulle gedoen het met die mense van Lakis.

36Josua en al die manne van Israel het verder gegaan van die stad Eglon na die stad Hebron.

37Hulle het die stad oorwin en hulle het die koning en al die mense in die stad doodgemaak. Nie een mens het aangehou lewe nie. Hulle het met Hebron dieselfde gedoen soos hulle gedoen het met die mense van Eglon. Al die mense in die stad was gewy aan die Here.

38Josua en al die manne van Israel het omgedraai en hulle het na die stad Debir gegaan. Hulle het die stad aangeval

39en oorwin en hulle het die koning en al die mense in die stad doodgemaak. Almal in die stad was gewy aan die Here. Niemand in die stad het aangehou lewe nie. Josua het met die stad Debir en sy koning dieselfde gedoen soos hy gedoen het met die stad Hebron en die stad Libna en hulle konings.

40Josua het die hele land oorwin, die Bergland, die Suid-land, die Laeveld en die land naby die see. Josua het al daardie konings oorwin en hy het niemand laat aanhou lewe nie. Hy het elke mens wat daar gewoon het, aan die Here gewy, soos die Here, die God van Israel, gesê het.

41Josua het hulle oorwin van die stad Kades-Barnea tot by die stad Gasa, en die hele land Gosen tot by die stad Gibeon.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

42Josua het al die konings en hulle lande gevat in dieselfde tyd, want die Here, die God van Israel, het self oorlog gemaak, sodat die Israeliete hulle vyande kon oorwin.

43Daarna het Josua en al die Israeliete saam met hom teruggegaan na die kamp in Gilgal.

Josua 11

Die Israeliete oorwin en verwoes die stad Hasor

1Koning Jabin van Hasor het gehoor wat gebeur het. Hy stuur toe boodskappe na koning Jobab van die stad Madon, en na die konings van die stede Simron en Aksaf,

2die konings in die noordelike bergland, die konings in die Jordaan-vallei suid van die Gennesaret-meer, die konings in die Laeveld en in die westelike berge van die land Dor,

3die konings van die Kanaäniete in die ooste en die weste, die konings van die Amoriete, die Hetiete, die Feresiete, die Jebusiete in die berge, en die Hewiete onderkant Hermon-berg in die land Mispe.

4Die konings het almal hulle leërs gebring, dit was baie mense, so baie soos die sand langs die see. Hulle het ook baie perde en oorlogkarre gehad, dit was baie.

5Al daardie konings het bymekaargekom en hulle het hulle tente opgeslaan by die Merom-rivier, hulle wou oorlog maak teen die Israeliete.

6Die Here het vir Josua gesê: “Jy moenie bang wees vir hulle nie, want môre hierdie selfde tyd sal Ek die Israeliete laat wen teen hulle. Hulle sal almal sterf in die oorlog. Jy moet hulle perde se hakskene sny en jy moet hulle oorlogkarre verbrand.”

7Josua en al die soldate by hom het die vyande gesien by die Merom-rivier en hulle het die vyande aangeval. Die vyande het dit nog nie verwag nie.

8Die Here het die Israeliete laat wen teen die vyande. Die Israeliete het hulle oorwin en hulle het die vyande gevolg en gejaag tot by die stad Groot-Sidon en tot by die stad Misrefot-Majim en tot by die Mispe-vallei in die ooste. Die Israeliete het al die vyande doodgemaak, nie een het aangehou lewe nie.

9Josua het met die vyande gedoen soos die Here vir hom gesê het. Hy het hulle perde se hakskene gesny en hy het hulle oorlogkarre verbrand.

10Josua het toe na die stad Hasor gegaan. Hy het die stad oorwin en hy het die koning doodgemaak, want Hasor was voorheen die belangrikste stad van al die stede wat konings gehad het.

11Die Israeliete het al die mense in die stad doodgemaak. Josua het gesê daardie mense is gewy aan die Here, nie een het aangehou lewe nie, en toe het hy die stad verbrand.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Josua het al die stede van daardie konings oorwin, en hy het die konings en die
mense almal doodgemaak, hy het gedoen soos Moses, die dienaar van die Here,
gesê het.

13Maar die Israeliete het nie die stede verbrand wat op heuwels gestaan het nie,
Josua het net die stad Hasor verbrand.

14Die Israeliete het al die goed in die stede en al die diere vir hulleself gevat, maar
hulle het al die mense doodgemaak, hulle het niemand laat aanhou lewe nie.

15Die Here het voorheen vir Moses gesê wat hy moet doen, en Moses het vir Josua
gesê om dit te doen. Josua het alles gedoen wat die Here vir Moses gesê het.

Josua oorwin die land

16Josua het hierdie hele land gevat, die berge en die hele Suid-land en die hele land
Gosen en die Laeveld en die Jordaan-vallei en die Israel-berge en die Laeveld daar
naby.

17Dit was die land van die Galak-berg naby die land Seïr tot by die stad Baäl-Gad in
die Libanon-vallei suid van Hermon-berg. Josua het al die konings oorwin en hy het
hulle doodgemaak.

18Josua het lank oorlog gemaak teen al daardie konings.

19Die mense in die stede het nie vrede gemaak met Josua nie. Die Israeliete het al die
stede oorwin in die oorlog. Net die Hewiete in die stad Gibeon het vrede gemaak
met die Israeliete.

20Die Here self het daardie konings hardkoppig gemaak sodat hulle oorlog wou maak
teen die Israeliete. Die Here wou hê dat die Israeliete nie jammer moes wees vir die
mense nie, Hy wou hê dat die Israeliete almal moes doodmaak, soos Hy vir Moses
gesê het.

21Josua het in daardie tyd ook die Enak-mense almal doodgemaak. Die Enak-mense
het gewoon in die berge van Hebron, in die stad Debir en die stad Anab, en in al die
berge van Juda en Israel. Josua het gesê die mense en hulle stede is gewy aan die
Here, en hy het hulle doodgemaak en die stede verwoes.

22Daar het nie Enak-mense oorgebly in die land Israel nie, net in die stede Gasa, Gat,
Askelon en Asdod was daar nog Enak-mense.

23Josua het die hele land oorwin en gevat, hy het alles gedoen wat die Here
voorheen vir Moses gesê het. Josua het die land vir die Israeliete gegee, elke stam
het ’n deel van die land gekry. Daar was toe nie meer oorlog in die land nie.

Josua 12

Josua oorwin die konings van die land

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Die Israeliete het twee konings oos van die Jordaan-rivier oorwin en die Israeliete het hulle lande gevat, van die Arnon-vallei tot by Hermon-berg, en ook die hele Jordaan-vallei oos van die Jordaan-rivier.

[2]Dit was die land van Sihon, die koning van die Amoriete, hy het in die stad Gesbon gewoon. Hy het regeer oor hierdie dele van land: van die stad Aroër langs die Arnon-vallei, van die middel van die vallei tot teen die Jabbok-vallei, die helfte van die land Gilead, langs die land van die Ammoniete,

[3]en die Jordaan-vallei oos van die Jordaan-rivier, tussen die Gennesaret-meer en die Sout-see, in die Jordaan-vallei, tot by die stede Bet-Jesimot en Teman, suid van waar ’n mens opgaan na Pisga-berg.

[4]En dit was ook die land van koning Og van Basan. Og was een van die Refaïete wat nog gelewe het. Hy het gewoon in die stede Astarot en Edreï

[5]en hy het regeer oor Hermon-berg en Salka en die hele Basan tot teen die land waar die mense van Gesur en Maäka gewoon het. Dit was die helfte van die land Gilead, tot teen die land van koning Sihon van Gesbon.

[6]Moses, die dienaar van die Here, en die Israeliete het hierdie konings oorwin, en Moses, die dienaar van die Here, het die grond gegee vir die stamme Ruben en Gad en vir die halwe Manasse-stam.

[7]Josua en die Israeliete het ook die konings wes van die Jordaan-rivier oorwin, van die stad Baäl-Gad in die Libanon-vallei tot by die Galak-berg waar ’n mens opgaan na die land Seïr. Josua het hierdie land gegee vir die ander stamme van Israel, elke stam het ’n deel gekry wat aan hom kon behoort.

[8]Dit was die Bergland, die Laeveld, die Jordaan-vallei, die Heuwels, die woestyn en die Suid-land. Dit was die land waar die Hetiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete gewoon het.

[9-24]Die Israeliete het die konings van hierdie stede oorwin: Jerigo, Ai by Bet-El, Jerusalem, Hebron, Jarmut, Lakis, Eglon, Geser, Debir, Geder, Gorma, Arad, Libna, Adullam, Makkeda, Bet-El, Tappuag, Gefer, Afek, Saron, Madon, Hasor, Simron-Meron, Aksaf, Taänak, Megiddo, Kedes, Joknoam by Karmel-berg, Dor op die Dor-berge, Gojim by Gilgal, en Tirsa. Dit was 31 Konings.

Josua 13

Die Here sê Josua moet die land verdeel

[1]Toe Josua baie oud was, het die Here vir hom gesê: “Jy is baie oud, en julle het ’n groot deel van die land nog nie oorwin en vir julleself gevat nie.

[2]Die deel van die land wat oorbly, is al die grond van die Filistyne en die Gesur-mense.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Dit is ’n deel van die land Kanaän, en dit is die grond van die Sigor-rivier naby Egipte
tot by die stad Ekron in die noorde. Die grond van die vyf leiers van die Filistyne wat
regeer oor die stede Asdod, Askelon, Gat, Ekron en Gasa is ’n deel van die land.

4Daar is ook nog die hele land van die Kanaäniete wat begin by die stede Teman en
Meara en wat aan die mense van die stad Sidon behoort. Dit is die grond tot by die
stad Afek, die grond van die Amoriete begin daar.

5Daar is ook die land van die mense van die stad Gebal en die oostelike deel van die
Libanon-berge, van die stad Baäl-Gad suid van Hermon-berg tot by die stad Lebo-
Hamat.

6Die Sidon-mense woon in die Libanon-berge tot by die stad Misrefot-Majim. Ek sal
hulle almal ook wegjaag om plek te maak vir die Israeliete. Maar jy moet lootjies trek
om die land vir die Israeliete te gee, jy moet doen soos Ek vir jou gesê het.

7Jy moet nou begin en jy moet hierdie land verdeel sodat elke stam van die nege
stamme en die halwe Manasse-stam sy eie grond sal kry.”

Die grond van die stamme oos van die Jordaan-rivier

8Die stamme Ruben en Gad het saam met die halwe Manasse-stam hulle grond
gekry wat Moses oos van die Jordaan-rivier vir hulle gegee het. Hulle het dit gekry
toe Moses, die dienaar van die Here, dit vir hulle gegee het.

9Dit is die land van die stad Aroër langs die Arnon-vallei, en die stad wat binne-in die
Arnon-vallei is, en die hele Hoëveld van die stad Medeba tot by die stad Dibon,

10al die stede van koning Sihon van die Amoriete tot teen die land van die Amoriete.
Sihon was die koning in Gesbon.

11Die stamme oos van die Jordaan-rivier het ook die hele land Gilead gekry en die
grond van die mense van Gesur en Maäka, die hele Hermon-berg en die hele land
Basan tot by die stad Salka.

12Dit was die hele land van koning Og in Basan, hy was die koning in die stede
Astarot en Edreï. Og was een van die Refaïete wat nog gelewe het. Moses het hierdie
mense oorwin en weggejaag.

13Maar die Israeliete het nie die mense van Gesur en Maäka weggejaag nie, hulle het
aangehou om tussen die Israeliete te woon, en hulle is nou nog daar.

14Moses het nie vir die Levi-stam hulle eie grond gegee nie. Die Here het vir Moses
gesê die Levi-stam moet die vuur-offers kry van die Here, die God van Israel.

Die grond van die Ruben-stam

15Moses het vir die Ruben-stam hulle eie grond gegee.

16Hulle grond was die land van die stad Aroër langs die Arnon-vallei en van die stad
wat binne-in die vallei is, die hele Hoëveld by die stad Medeba,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17die stad Gesbon en al die stede daar naby op die Hoëveld. Die stede was Dibon, Bamot-Baäl, Bet-Baäl-Meon,

18Jasa, Kedemot, Mafaät,

19Kirjatajim, Sibma en Seret-Sagar op die heuwel in die vallei,

20Bet-Peor, Asdot-Pisga en Bet-Jesimot.

21Dit was al die stede op die Hoëveld, die hele land van koning Sihon van die Amoriete. Sihon was die koning in Gesbon. Moses het vir Sihon oorwin saam met die leiers van die Midianiete. Die leiers was Ewi, Rekem, Sur, Gor en Reba. Hulle was amptenare van Sihon en hulle het in die land gewoon.

22Die Israeliete het ook die waarsêer Bileam seun van Beor doodgemaak saam met ander manne wat in die oorlog gesterf het.

23Die grond van die Ruben-stam was langs die Jordaan-rivier. Dit was die grond van die families van die Ruben-stam, en dit was die stede en die dorpies daar naby.

Die grond van die Gad-stam

24Moses het vir die families in die Gad-stam hierdie grond gegee:

25Hulle land was die stad Jaser, die helfte van die land van die Ammoniete tot by die stad Aroër naby die stad Rabba.

26Hulle grond was ook van die stad Gesbon tot by die stede Ramat-Mispe en Betonim, en van die stad Maganajim tot by die stad Lo-Dabar,

27en in die Jordaan-vallei die stede Bet-Haram, Bet-Nimra, Sukkot en Safan. Dit is die deel van die land van koning Sihon van Gesbon wat oorgebly het. Dit was oos van die Jordaan-rivier tot by die Gennesaret-meer.

28Dit is die land van die families in die Gad-stam, die stede en die dorpies daar naby.

Die grond van die Manasse-stam oos van die Jordaan-rivier

29Moses het vir die families in die halwe Manasse-stam hierdie grond gegee:

30Van die stad Maganajim het hulle die hele land Basan gekry, die hele land van koning Og van Basan, al die kampe van Jaïr wat in Basan is. Dit was almal saam 60 stede.

31Die halwe Manasse-stam het ook die helfte van die land Gilead gekry, en die stede Astarot en Edreï. Og was daar die koning. Die helfte van die nageslag van Makir seun van Manasse het hierdie stede gekry.

32Dit is die land wat Moses vir die stamme oos van die Jordaan-rivier gegee het. Hy het dit gedoen in die Moab-vlakte naby die stad Jerigo.

33Hy het nie vir die Levi-stam hulle eie grond gegee nie. Hulle het die Here self, die God van Israel, gekry, die Here het dit vir hulle belowe.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Josua 14

Die ander stamme kry grond wes van die Jordaan-rivier

1Hier is die grond wat die Israeliete in die land Kanaän gekry het. Die priester Eleasar
en Josua seun van Nun en die familiehoofde van die stamme van die Israeliete het
die grond vir hulle gegee.

2Hulle het lootjies getrek om vir elkeen van die nege en ’n halwe stamme sy grond te
gee. Die Here het vir Moses gesê hulle moet dit doen.

3Moses het vir die ander twee en ’n halwe stamme grond gegee oos van die Jordaan-
rivier, maar hy het nie vir die Leviete grond gegee saam met die ander stamme nie.

4Daar was 13 stamme, want die nageslag van Josef was twee stamme, Manasse en
Efraim, maar net twaalf stamme het grond gekry, want hulle het nie vir die Leviete ’n
deel van die land gegee nie. Die Leviete het net stede gekry waar hulle kon woon en
hulle het ook weiveld vir hulle diere gekry.

5Die Israeliete het gedoen wat die Here vir Moses gesê het, hulle het die land
verdeel.

Kaleb kry die stad Hebron

6Toe die mense van Juda by Josua in Gilgal kom, het Kaleb, seun van Jefunne, ’n
Kenissiet, vir Josua gesê: “Jy wéét wat die Here in Kades-Barnea oor my en jou gesê
het. Die Here het dit vir Moses, die man van God, gesê.

7Ek was 40 jaar oud toe Moses, die dienaar van die Here, vir my van Kades-Barnea
gestuur het om te kyk hoe die land is. Ek moes eerlik vir hom kom sê wat ek gesien
het.

8Die manne wat saam met my gegaan het, het dinge gesê wat die mense bang
gemaak het, maar ek self het aangehou om my God die Here te dien.

9Moses het daardie dag vir my belowe en hy het gesê die Here is die getuie. Moses
het gesê: ‘Die land wat jy gesien het, sal altyd jou land en jou nageslag se land wees
omdat jy aangehou het om die Here te dien.’

10Daarom, die Here het my laat aanhou lewe hierdie 45 jaar nadat die Here dit vir
Moses gesê het toe die Israeliete deur die woestyn geloop het. Ek is nou 85 jaar oud,

11maar ek is nou nog so sterk soos die dag toe Moses my gestuur het. Ek het nou nog
die krag wat ek toe gehad het, ek kan nog oorlog maak en ek gaan en kom soos ek
wil.

12En nou moet jy vir my hierdie bergland gee wat die Here daardie dag belowe het.
Jy het daardie dag gehoor dat daar Enak-mense woon en dat daar groot stede is wat
sterk mure het. Miskien sal die Here my help sodat ek hulle kan oorwin, die Here het
dit belowe.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Josua het vir Kaleb seun van Jefunne geseën en hy het vir Kaleb die stad Hebron gegee.

14Dit is hoekom Hebron nou nog behoort aan Kaleb seun van Jefunne, dit is sy stad omdat hy aangehou het om die Here, die God van Israel, te dien.

15Die naam van die stad Hebron was voorheen Kirjat-Arba, Arba was ’n groot Enakman. Daar was toe nie weer oorlog in die land nie, die land het gerus.

Josua 15

Die grond van die Juda-stam

1Hulle het lootjies getrek vir die families in die Juda-stam en hulle het vir hulle die land gegee tot ver suid van die Sin-woestyn, teen die grens van Edom.

2Die suidgrens van Juda begin by die Sout-see, by die punt wat suid is

3en dan gaan die grens suid van Skerpioen-pas verby na die stad Sin. Daarna gaan die grens op na ’n plek suid van die stad Kades-Barnea en dan verder verby die stad Gesron. Daarna gaan die grens op na die stad Addar en dan draai dit na die stad Karka.

4Daarna gaan die grens verby die stad Asmona en dan saam met Egipte-spruit tot by die see. Dit is die suidgrens van Juda.

5Die oosgrens van Juda is die Sout-see tot waar die Jordaan-rivier in die see vloei. Die noordgrens begin waar die Jordaan-rivier in die see vloei.

6Daarna gaan dit op na die stad Bet-Gogla, en dit gaan noord langs die stad Bet-Araba verby. Dan gaan die grens op na die Klip van Bohan seun van Ruben.

7Daarna gaan die grens van die Akor-vallei na die stad Debir, en dan draai dit noord na die stad Gilgal oorkant Adummim-pas, suid van die vallei. Die grens gaan dan verby na Semes-fontein en tot by Rogel-fontein.

8Dan gaan die grens op deur die Ben-Hinnom-vallei tot suid van Jebusiete-berg, dit is Jerusalem, en dan gaan dit op na die boonste punt van die berg wes van die Ben-Hinnom-vallei langs die noordekant van Spook-laagte.

9Van die boonste punt van die berg draai die grens na Neftoag-fontein, dan verder na die stede teen Efron-berg, en dan draai dit na die stad Baäla, dit is Kirjat-Jearim.

10Van Baäla draai die grens wes na Seïr-berg, en dan langs die noordekant van Jearim-berg, dit is Kesalon, en dan af na die stad Bet-Semes en verby die stad Timna.

11Die grens gaan daarna tot by die noordekant van die stad Ekron, dan draai dit na die stad Sikkaron. Dan gaan dit verby Baäla-berg na die stad Jabneël en daarna tot teen die see.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Die wesgrens van Juda is die strand van die Groot See. Dit is die grense van die
grond van die families in die Juda-stam.

Kaleb oorwin die stede Hebron en Debir

13Josua het vir Kaleb seun van Jefunne ’n deel van die land gegee tussen die Juda-
mense. Dit was die stad Hebron, hulle het die stad voorheen Kirjat-Arba genoem.
Arba was die pa van Enak. Die Here het vir Josua gesê hulle moet die plek vir Kaleb
gee.

14Kaleb het die Enak-mense Sesai, Agiman en Talmai weggejaag uit Hebron. Hulle
was die nageslag van Enak.

15Kaleb het toe na die stad Debir gegaan, die naam van Debir was voorheen Kirjat-
Sefer.

16Kaleb het gesê: “Ek sal my dogter Aksa gee vir die man wat die stad Kirjat-Sefer
oorwin en wat dit vat, my dogter sal daardie man se vrou wees.”

17Otniël seun van Kenas broer van Kaleb het die stad oorwin, en Kaleb het sy dogter
Aksa vir hom gegee om sy vrou te wees.

18Toe Aksa by Otniël kom, het sy gesê hy moet vir haar pa ’n stuk grond vra waar
hulle kan ploeg en plant. Maar toe sy afklim van die donkie, het Kaleb vir haar gevra
wat sy wil hê.

19Sy sê toe: “Jy moet vir my vrugbare grond gee. Jy het vir my die Suid-land gegee,
maar nou moet jy vir my ook plekke gee waar daar water is.” Kaleb het toe vir haar
plekke gegee waar daar water was in die berge en in die valleie.

Die stede wat aan die Juda-stam behoort

20Die families in die Juda-stam het hierdie stede gekry:

21Ver in die suide langs die grens van die land Edom het hulle die stad Kabseël gekry,
en ook Eder, Jagur,

22Kina, Dimona, Adada,

23Kedes, Gasor, Jitnan,

24Sif, Telem, Bealot,

25Gasor-Gadatta, Kerijot-Gesron, dit is Gasor,

26Amam, Sema, Molada,

27Gasar-Gadda, Gesmon, Bet-Pelet,

28Gasar-Sual, Berseba, Bisjoteja,

29 Baäla, Ije-Abarim, Esem,

30Eltolad, Kesil, Gorma,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

31Siklag, Madmanna, Sansanna,

32Lebaot, Silgim, Ajin en Rimmon. Dit was almal saam 29 stede en die dorpies daar naby.

33In die Laeveld was daar Estaol, Sora, Asna,

34Sanoag, En-Gannim, Tappuag, Enajim,

35Jarmut, Adullam, Soko, Aseka,

36Saärajim, Aditajim, Gedera en Gederotajim. Dit was 14 stede en die dorpies daar naby.

37Hulle het ook hierdie stede gekry: Senan, Gadasa, Migdal-Gad,

38Dilan, Mispe, Jokteël,

39Lakis, Boskat, Eglon,

40Kabbon, Lagmas, Kitlis,

41Gederot, Bet-Dagon, Naäma en Makkeda. Dit was 16 stede en die dorpies daar naby.

42Die Juda-stam het ook hierdie stede gekry: Libna, Eter, Asan,

43Jiftag, Asna, Nesib,

44Keïla, Aksib en Maresa. Dit was nege stede en die dorpies daar naby.

45Die Juda-stam het ook Ekron, en die woonplekke en dorpies daar naby, gekry,

46en wes van Ekron het hulle al die stede naby Asdod, en die dorpies daar naby, gekry,

47en Asdod en die woonplekke en dorpies daar naby, en Gasa en die woonplekke en dorpies daar naby, tot teen Egipte-spruit en die strand van die Groot See.

48In die Bergland het hulle hierdie stede gekry: Samir, Jattir, Soko,

49Danna, Kirjat-Sanna, dit is Debir,

50Anab, Estemoa, Anim,

51Gosen, Golon en Gilo, elf stede en die dorpies daar naby.

52Daar was ook hierdie stede: Arab, Duma, Esan,

53Janum, Bet-Tappuag, Afeka,

54Gumta, Kirjat-Arba, dit is Hebron, en Sior. Dit was nege stede en die dorpies daar naby, en

55Maon, Karmel, Sif, Jutta,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

56Jisreël, Jokdeam, Sanoag,

57Kajin, Giba, Timna. Dit was tien stede en die dorpies daar naby, en

58Galgul, Bet-Sur, Gedor,

59Maärat, Bet-Anot, Eltekon. Dit was ses stede en die dorpies daar naby, en ook

60Kirjat-Baäl, dit is Kirjat-Jearim, en Rabba. Dit was twee stede en die dorpies daar naby.

61In die woestyn was daar Bet-Araba, Middin, Sekaka,

62Nibsan, Ir-Melag en En-Gedi. Dit was ses stede en die dorpies daar naby.

63Die mense van Juda kon nie die Jebusiete, die mense van Jerusalem, oorwin en wegjaag nie. Hulle woon vandag nog daar saam met die mense van Juda.

Josua 16

Die grond van die Josef-stamme

1Hulle het lootjies getrek en hulle het vir die nageslag van Josef die grond gegee wat begin by die Jordaan-rivier naby Jerigo, oos van die Jerigo-fonteine. Die grens gaan van Jerigo deur die woestyn na die Bet-El-berge,

2en van Bet-El na die stad Lus, en dan verby die grens van die Arkiete na die stad Atarot.

3Daarna gaan die grens wes na die grens van die Jafletiete tot teen die grens van die stad Bet-Goron-Onder en die stad Geser, en dan tot teen die see.

4Dit is die grond wat die nageslag van Josef, die stamme Manasse en Efraim, gekry het.

Die grond van die Efraim-stam

5Die grens van die grond van die families in die Efraim-stam gaan van die stad Atrot-Addar in die ooste na die stad Bet-Goron-Bo

6en dan verder tot teen die see. Van die stad Mikmetat in die noorde draai die grens verby die stad Taänat-Silo na die stad Janoag in die ooste.

7Van Janoag gaan die grens af na die stede Atarot en Naära, en dan na Jerigo en tot teen die Jordaan-rivier.

8Van die stad Tappuag gaan die grens wes in die Kana-vallei tot teen die see. Dit is die grond van die families in die Efraim-stam.

9Die Efraim-mense het ook stede gekry op die grond van die Manasse-mense, hulle het die stede en die dorpies daar naby gekry.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Die Efraim-mense het nie die Kanaäniete oorwin en weggejaag wat in die stad Geser gewoon het nie. Die Kanaäniete woon nou nog tussen die Efraim-mense, maar hulle moet vir die Efraim-mense werk.

Josua 17

Die grond van die Manasse-stam wes van die Jordaan-rivier

1Hulle het lootjies getrek om vir die Manasse-stam grond te gee, want Manasse was Josef se oudste seun. Makir was Manasse se oudste seun, hy was die pa van Gilead. Makir het die land Gilead en die land Basan gekry, want hy was ’n man wat kon oorlog maak.

2Die ander families in die Manasse-stam het ook grond gekry. Dit was die families van die mans in die nageslag van Manasse seun van Josef. Die families was Abiëser, Gelek, Asriël, Sekem, Gefer en Semida.

3Maar Selofgad seun van Gefer seun van Gilead seun van Makir seun van Manasse het nie seuns gehad nie, hy het net dogters gehad. Hulle name was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.

4Hulle het na die priester Eleasar toe gekom en na Josua en die leiers en hulle het gesê: “Die Here het vir Moses gesê hy moet vir ons ook grond gee tussen die ander mense van ons stam.” Moses het vir hulle grond gegee tussen hulle pa se broers, Moses het gedoen soos die Here gesê het.

5Die Manasse-stam het toe Gilead en Basan oos van die Jordaan-rivier gekry en ook nog tien ander dele,

6want die dogters van Manasse het grond gekry saam met sy seuns. Die ander Manasse-mense het die land Gilead gekry.

7Die grond van die Manasse-stam begin langs die grond van die Aser-stam en gaan tot by die stad Mikmetat, oos van die stad Sigem, en dan suid tot by die mense wat in die stad En-Tappuag woon.

8Die stad Tappuag is op die grens tussen Manasse en Efraim se grond. Die grond rondom die stad het aan die Manasse-stam behoort, maar die stad self het aan die Efraim-stam behoort.

9Die grond van die Manasse-stam gaan tot teen die Kana-vallei. Die grens is noord van die vallei tot teen die see. Suid van die vallei is daar stede van Efraim, hierdie stede was tussen die stede wat aan Manasse behoort.

10Efraim se grond was suid van die vallei en Manasse se grond was noord. Manasse se grond gaan tot by die see, en noord van sy grond is die grond van die Aser-stam, en oos is die grond van die Issaskar-stam.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Maar op die grond wat aan Issaskar en Aser behoort het, was daar stede wat aan Manasse behoort het. Die stede was Bet-San, Jibleam, Dor, En-Dor, Taänak en Megiddo, en die dorpies naby die stede. Die dorpies is op drie heuwels.

12Die Manasse-stam kon nie die mense in daardie stede oorwin en wegjaag en die stede vir hulleself vat nie. Die Kanaäniete het besluit om daar te bly en in die stede te woon.

13Toe die Israeliete baie geword het, het hulle die Kanaäniete gedwing om vir hulle te werk, maar hulle kon nie die Kanaäniete oorwin en wegjaag en die stede vir hulleself vat nie.

Die Josef-stamme kry meer grond

14Die Josef-stamme het vir Josua gevra: “Hoekom het jy vir ons net een deel van die land gegee om aan ons te behoort? Ons is baie mense, want die Here het ons baie geseën.”

15Josua het vir hulle gesê: “As julle so baie mense is en as die Efraim-berge nie genoeg is vir julle nie, dan moet julle die bosse gaan uitkap en vir julle grond skoonmaak in die land van die Feresiete en Refaïete.”

16Die Josef-stamme het toe gesê: “Die berge is nie genoeg vir ons nie, en al die Kanaäniete wat in die vallei woon, het oorlogkarre van yster, die Kanaäniete wat woon in die stad Bet-San en die dorpies daar naby, en in die Jisreël-vallei.”

17Josua het vir die nageslag van Josef, vir die stamme Efraim en Manasse, gesê: “Julle is baie mense en julle stam is baie sterk, julle moet meer as een deel hê.

18Maar julle moet ook die berge kry wat vol bosse is. Julle moet die bosse uitkap en julle moet die grond skoonmaak sodat julle die hele bergland kan kry. Die Kanaäniete het oorlogkarre en hulle leër is sterk, maar julle sal hulle oorwin en wegjaag en julle sal hulle stede vat.”

Josua 18

Josua stuur mense om die dele van die land op te skryf

1Die hele volksvergadering van die Israeliete het in die stad Silo bymekaargekom en hulle het die tent daar opgeslaan, die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn. Hulle het die hele land klaar oorwin,

2maar sewe van die stamme van die Israeliete het nog nie hulle eie grond gekry nie.

3Josua het vir die Israeliete gevra: “Hoe lank wil julle nog wag voordat julle die land gaan vat wat die Here, die God van ons voorvaders, vir julle gegee het?

4Julle moet drie persone van elke stam bring sodat ek hulle kan stuur om deur die land te gaan en om elke deel van die land op te skryf en dit vir my te bring.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5Julle moet die land deel in sewe dele. Die stam Juda moet op hulle grond in die
suide bly en die nageslag van Josef moet op hulle grond in die noorde bly.

6Julle moet opskryf waar elkeen van die sewe dele is en julle moet dit vir my bring,
dan sal ek hier lootjies trek voor ons God die Here.

7Die Levi-stam kry nie ’n deel van die land saam met julle nie, want hulle deel is
om priesters van die Here te wees. En die stamme Gad en Ruben en die
halwe Manasse-stam het klaar hulle grond gekry oos van die Jordaan-rivier. Moses,
die dienaar van die Here, het daardie grond vir hulle gegee.”

8Die manne wat moes gaan opskryf waar die verskillende dele van die land is, het
dadelik gegaan. Josua het vir hulle gesê: “Julle moet deur die land gaan en julle moet
die plekke opskryf en dit vir my bring. Dan sal ek hier voor die Here in die stad Silo vir
julle die lootjies trek.”

9Die manne het deur die land gegaan en hulle het die stede in die sewe dele
opgeskryf in ’n boek, en daarna het hulle teruggekom na Josua toe in die kamp by die
stad Silo.

10Josua het toe in die tempel by Silo die lootjies getrek en hy het die land verdeel
tussen die stamme van die Israeliete.

Die grond van die Benjamin-stam

11Toe Josua die eerste lootjie trek, het die Benjamin-stam hulle grond gekry tussen
die grond van die mense van Juda en die grond van die nageslag van Josef.

12Die noordgrens begin by die Jordaan-rivier en dan gaan dit noord van die stad
Jerigo op teen die berge na die westekant en dit gaan tot in die woestyn van Bet-
Awen.

13Van daar gaan die grens na die stad Lus, na Bet-El suid van Lus, en dan af na die
stad Atrot-Addar op die berg suid van die stad Bet-Goron-Onder.

14Dan draai die grens en dit gaan na die westekant, suid van die berg wat naby Bet-
Goron is, en dit gaan tot by die stad Kirjat-Baäl. Kirjat-Baäl se ander naam is Kirjat-
Jearim, dit behoort aan die mense van Juda. Dit is die wesgrens.

15Die suidgrens begin by Kirjat-Jearim en dan gaan dit wes tot by Neftoag-fontein.

16Daarna gaan die grens tot teen die berg by die Ben-Hinnom-vallei, noord
van Spook-laagte, en dan gaan dit in die Ben-Hinnom-vallei langs die Jebusiete-berg
verby na Rogel-fontein.

17Daar draai die grens noord na Semes-fontein en dan gaan dit na die stad Gelilot
naby Adummim-pas en dan af na die Klip van Bohan seun van Ruben.

18Dan gaan die grens noord tot teen die Jordaan-vallei en dan af in die vallei.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Daarna gaan die grens noord tot naby Bet-Gogla, en dit gaan tot teen die noordelike punt van die Sout-see, die Jordaan-rivier vloei daar in die Sout-see. Dit is die suidgrens.

20Die Jordaan-rivier is die oosgrens. Dit is die grond wat die families van die Benjamin-stam kry.

21Die stede van die families in die Benjamin-stam was: Jerigo, Bet-Gogla, Kesis-vallei,

22Bet-Araba, Semarajim, Bet-El,

23Awwim, Para, Ofra,

24Kefar-Ammoni, Ofni en Geba. Dit was twaalf stede en die dorpies daar naby.

25Die Benjamin-stam het ook Gibeon, Rama, Beërot,

26Mispa, Kefira, Mosa,

27Rekem, Jirpeël, Tarala,

28Sela, Elef, Jebusietestad, dit is Jerusalem, Gibea en Kirjat gekry. Dit was 14 stede en die dorpies daar naby. Dit is die stede van die families in die Benjamin-stam.

Josua 19

Die grond van die Simeon-stam

1Toe Josua weer lootjies trek, het die families in die Simeon-stam hulle grond gekry. Hulle grond was binne-in die grond van die Juda-stam.

2Die stede wat hulle gekry het, was: Berseba, Seba, Molada,

3Gasar-Sual, Baäla, Esem,

4Eltolad, Betul, Gorma,

5Siklag, Bet-Markabot, Gasar-Susim,

6Bet-Lebaot en Sarugen. Hulle het hierdie 13 stede en die dorpies daar naby gekry.

7Hulle het ook die vier stede Ajin, Rimmon, Eter en Asan gekry en die dorpies daar naby,

8en ook nog al die dorpies naby die stede tot by die stede Baälat-Beër en Rama in die Suid-land. Dit was die stede van die families in die Simeon-stam.

9Die stam het ’n deel van Juda se grond gekry, want die grond wat Juda gekry het, was te veel vir hulle. Die Simeon-stam het grond gekry binne-in die Juda-stam se grond.

Die grond van die Sebulon-stam

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Toe Josua die derde lootjie trek, het die Sebulon-stam hulle grond gekry. Die grens van hulle grond was tot by die stad Sarid.

11Na die westekant gaan die grens dan na die stad Marala, en dan tot by die stad Dabbeset en die vallei naby die stad Jokneam.

12Na die ooste gaan die grens van Sarid tot teen die grens van die stad Kislot-Tabor, en dan na die stad Daberat en op na die stad Jafia.

13Van daar gaan die grens oos na die stede Gat-Gefer en Et-Kasin, dan na die stad Rimmon, en dan draai die grens na die stad Nea.

14In die noorde draai die grens na die stad Gannaton, en dan gaan dit tot by die stad Jiftag-El.

15Ander stede wat hulle gekry het, is Kattat, Nahalal, Simron, Jidala en Betlehem. Dit was almal saam twaalf stede en die dorpies daar naby.

16Hierdie stede en die dorpies daar naby is die grond van die families in die Sebulon-stam.

Die grond van die Issaskar-stam

17Josua het die vierde lootjie getrek, die families in die Issaskar-stam het toe hulle grond gekry.

18Die stede wat aan hulle behoort, is: Jisreël, Kesulot, Sunem,

19Gafarajim, Sion, Anagarat,

20Rabbit, Kisjon, Ebes,

21Remet, En-Gannim, En-Gadda en Bet-Passes.

22Hulle grens gaan langs die stede Tabor, Sagasajim en Bet-Semes verby en dan tot teen die Jordaan-rivier. Hulle het 16 stede en die dorpies daar naby gekry.

23Hierdie stede en die dorpies daar naby behoort aan die families in die Issaskar-stam.

Die grond van die Aser-stam

24Josua het die vyfde lootjie getrek, die families in die Aser-stam het toe hulle grond gekry.

25Die stede wat aan hulle behoort, is: Gelkat, Gali, Beten, Aksaf,

26Alammelek, Amad en Misal. By die westekant gaan die grens langs Karmel-berg en die stad Sigor-Libnat verby.

27Dan draai die grens oos na die stad Bet-Dagon, en dit gaan langs die grond van die Sebulon-stam en by die stad Ge-Jiftag-El verby na die noorde, na die stede Bet-Emek en Neïel, en dan na die stad Kabul in die noorde

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28en na die stede Abdon, Regob, Gammon en Kana, en dan tot by die stad Groot-Sidon.

29Dan gaan die grens na die stad Rama en tot by die stad Tirus wat sterk mure het, dan na die stad Gosa, en dan gaan dit tot teen die see naby die stad Aksib en

30die stede Uma, Afek en Regob. Hulle het 22 stede en die dorpies daar naby gekry.

31Hierdie stede en die dorpies daar naby behoort aan die families in die Aser-stam.

Die grond van die Naftali-stam

32Josua het die sesde lootjie getrek, en die families in die Naftali-stam het toe hulle grond gekry.

33Die grens van hulle grond begin by die stad Gelef, by die groot boom by die stad Saänannim, en dit gaan verby die stede Adami-Nekeb en Jabneël tot by die stad Lakkum, en dan tot teen die Jordaan-rivier.

34Dan draai die grens wes na die stad Asnot-Tabor en dit gaan van daar na die stad Gukok, en verder tot teen die Jordaan-rivier oos van die land Juda. Die grond van die Sebulon-stam is suid van die grond van die Naftali-stam, en die grond van die Aser-stam is wes van die grond van die Naftali-stam.

35Daar was ook stede wat sterk mure het, hulle was: Siddim, Ser, Gammat, Rakkat, Gennesaret,

36Adama, Rama, Hasor,

37Kedes, Edreï, En-Gasor,

38Jiron, Migdal-El, Gorem, Bet-Anat en Bet-Semes. Hulle het 19 stede en die dorpies daar naby gekry.

39Hierdie stede en die dorpies daar naby behoort aan die families in die Naftali-stam.

Die grond van die Dan-stam

40Josua het die sewende lootjie getrek, en die Dan-stam het hulle grond gekry.

41Die stede wat aan hulle behoort het, was Sora, Estaol, Ir-Semes,

42Saälbim, Ajalon, Jitla,

43Elon, Timna, Ekron,

44Elteke, Gibbeton, Baälat,

45Jehud, Bene-Berak, Gat-Rimmon,

46Me-Jarkon, Rakkon, en ook die grond naby die stad Joppe.

47Die Dan-stam het hulle grond verloor en hulle het toe die stad Lesem aangeval en oorwin. Hulle het die mense van die stad doodgemaak. Hulle het die stad vir hulleself

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

gevat en hulle het daar gaan woon. Hulle het Lesem se naam verander, hulle het die stad “Dan” genoem, dit was soos hulle voorvader Dan se naam.

48Hierdie stede en die dorpies daar naby het behoort aan die families in die Dan-stam.

Josua kry ’n stuk grond

49Nadat die Israeliete klaar vir elke stam sy deel van die land gegee het, het hulle vir Josua ook ’n stuk grond tussen hulle gegee.

50Die Here het gesê hulle moet vir Josua die stad gee wat hy vra. Dit was Timnat-Serag in die Efraim-berge. Josua het die stad reggemaak en hy het daar gaan woon.

51Dit was al die grond wat die priester Eleasar en Josua seun van Nun en die familiehoofde vir die Israeliete gegee het. Hulle het lootjies getrek voor die Here in die stad Silo, by die ingang van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn.

Josua 20

Die asielstede

1Die Here het vir Josua gesê:

2“Jy moet vir die Israeliete sê: Julle moet nou sê watter stede moet asielstede wees. Ek het vir Moses gestuur om dit vir julle te sê.

3Wanneer iemand ’n ander persoon doodgemaak het, maar dit was ’n ongeluk, hy wou dit nie doen nie, dan mag hy na ’n asielstad vlug. Die naaste familielid van die persoon wat dood is, mag nie die man doodmaak wat na die asielstad gevlug het nie.

4Wanneer so iemand vlug na een van hierdie asielstede, dan moet hy by die ingang van die stad se poort gaan staan en hy moet vir die leiers van die stad sê wat gebeur het. Hulle moet hom dan laat inkom in die stad en hulle moet vir hom ’n woonplek by hulle gee.

5As die naaste familielid van die persoon wat dood is, die man volg en jaag wat die persoon doodgemaak het, dan mag die leiers van die stad nie die man vir hulle gee nie, want hy wou nie die persoon doodmaak nie en hulle was nie voor die tyd vyande nie.

6Maar hy moet in daardie stad bly totdat die volksvergadering kan besluit of hy skuldig is of nie. As hy nie skuldig is nie, dan moet hy daar bly totdat die hoëpriester van daardie tyd gesterf het. Daarna mag hy teruggaan na sy eie stad, na sy huis in die stad waar hy gewoon het voordat hy gevlug het.”

7Hulle het toe hierdie stede gewy: Kedes in Galilea in die Naftali-berge, Sigem in die Efraim-berge en Kirjat-Arba in die Juda-berge. Kirjat-Arba se ander naam was Hebron.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Oorkant die Jordaan-rivier oos van die stad Jerigo in die woestyn het hulle hierdie
stede gewy: Beser op die Hoëveld van die Ruben-stam, Ramot in Gilead op die grond
van die Gad-stam, en Golan in Basan, op die grond van die Manasse-stam.

9Dit was die stede wat hulle gekies het. ’n Israeliet en ’n vreemdeling wat tussen die
Israeliete woon, kon na ’n asielstad vlug wanneer hy ’n persoon doodgemaak het,
maar hy wou dit nie doen nie, dit was ’n ongeluk. Dan kon die naaste familielid van
die persoon wat dood is, hom nie doodmaak voordat die volksvergadering besluit
het of hy skuldig is of nie.

Josua 21

Die Leviete se stede

1Die familiehoofde van die Leviete het gekom na die priester Eleasar, na Josua seun
van Nun en na die familiehoofde van die Israelitiese stamme toe.

2Die familiehoofde het met hulle gepraat in die stad Silo, in die land Kanaän. Hulle
het gesê: “Die Here self het vir Moses gestuur om te sê dat ons stede moet kry waar
ons kan woon, en ook weiveld vir ons diere.”

3Die Israeliete het toe gedoen soos die Here gesê het. Hulle het vir die Leviete stede
gegee, stede saam met weivelde.

4Hulle het lootjies getrek, en die Kehat-familie het hulle grond gekry. Hulle het vir
die priesters van die nageslag van die priester Aäron 13 stede gegee in die lande van
die stamme Juda, Simeon en Benjamin.

5Hulle het vir die ander Leviete van die Kehat-familie tien stede gegee in die lande
van die stamme Efraim, Dan en die halwe Manasse-stam.

6Hulle het vir die Gerson-familie 13 stede gegee in die lande van die stamme Issaskar,
Aser, Naftali en die halwe Manasse-stam wat in Basan woon.

7Hulle het vir die Merari-familie 12 stede gegee in die lande van die stamme Ruben,
Gad en Sebulon.

8Die Israeliete het lootjies getrek om die stede saam met hulle weivelde vir die
Leviete te gee. Die Here het vir Moses gestuur om dit te sê.

9Hier is die name van die stede wat hulle vir die Leviete gegee het in die lande van
die stamme Juda en Simeon.

10Hulle het eers lootjies getrek, en die Leviete van die nageslag van Aäron wat aan
die Kehat-familie behoort het,

11het hulle grond gekry. Hulle het vir hierdie Leviete gegee die stad Kirjat-Arba in die
Juda-berge, die stad en sy weivelde. Kirjat-Arba se ander naam was Hebron. Arba
was die voorvader van die Enak-mense.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Maar Kaleb seun van Jefunne het die koringlande en die klein dorpies naby die stad gekry.

13Die nageslag van die priester Aäron het hierdie stede gekry: die asielstad Hebron, en Libna,

14Jattir, Estemoa,

15Golon, Debir,

16Ajin, Jutta en Bet-Semes, elke stad met sy weiveld. Dit was die nege stede van hierdie twee stamme.

17Hulle het van die Benjamin-stam ook hierdie stede gekry: Gibeon, Geba,

18Anatot en Almon. Dit was vier stede, elke stad met sy weiveld.

19Die priesters van die nageslag van Aäron het 13 stede gekry, elke stad met sy weiveld.

20Die Israeliete het lootjies getrek, en die ander Leviete in die Kehat-familie het hulle grond gekry. Hulle het van die Efraim-stam hierdie stede gekry:

21die asielstad Sigem in die Efraim-berge, en die stede Geser,

22Kibsajim en Bet-Goron, saam met die weivelde by die stede. Dit was vier stede.

23Hulle het van die Dan-stam ook hierdie stede gekry: die stede Elteke, Gibbeton,

24Ajalon en Gat-Rimmon, saam met die weivelde by die stede. Dit was vier stede.

25Hulle het van die halwe Manasse-stam hierdie stede gekry: Taänak en Gat-Rimmon, saam met die weivelde by die stede. Dit was twee stede.

26Die ander Leviete in die Kehat-familie het tien stede gekry, saam met die weivelde by die stede.

27Die Leviete in die Gerson-familie het van die halwe Manasse-stam in die land Basan die asielstad Golan en die stad Astarot gekry, saam met die weivelde by die stede. Dit was twee stede.

28Hulle het van die Issaskar-stam hierdie stede gekry: Kisjon, Daberat,

29Jarmut en En-Gannim saam met die weivelde by die stede. Dit was vier stede.

30Hulle het van die Aser-stam hierdie stede gekry: Misal, Abdon,

31Gelkat en Regob, saam met die weivelde by die stede. Dit was vier stede.

32Van die Naftali-stam het hulle hierdie stede gekry: die asielstad Kedes in Galilea en die stede Gammot-Dor en Kartan, saam met die weivelde by die stede. Dit was drie stede.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

33Die Gerson-families het 13 stede gekry.

34Die ander Leviete, die Merari-familie, het van die Sebulon-stam hierdie stede gekry: Jokneam, Kartan,

35Dimna en Nahalal saam met die weivelde by die stede. Dit was vier stede.

36Hulle het van die Ruben-stam hierdie stede gekry: Beser, Jahas,

37Kedemot en Mefaät, saam met die weivelde by die stede. Dit was vier stede.

38Hulle het van die Gad-stam hierdie stede gekry: die asielstad Ramot in die land Gilead, en die stede Maganajim,

39Gesbon en Jaser, saam met die weivelde by die stede. Dit was vier stede.

40Die ander Leviete, die Merari-familie, het tien stede gekry.

41Die Leviete het almal saam 48 stede van die Israeliete gekry, saam met die weivelde by die stede.

42Daar was weiveld by elke stad.

43Die Here het vir die Israeliete die land gegee wat Hy vir hulle voorvaders belowe het. Die Israeliete het die land gevat en hulle het daar gaan woon.

44Die Here het die Israeliete laat wen teen al die vyande rondom hulle, Hy het dit vir hulle voorvaders belowe. Nie een van hulle vyande kon hulle oorwin en bly staan nie. Die Here het die Israeliete laat wen teen al hulle vyande.

45Alles wat die Here vir die Israeliete belowe het, het gebeur.

Josua 22

Die manne van die stamme wat oos van die Jordaan-rivier woon, gaan terug

1Daarna het Josua die manne van die stamme Ruben, Gad en die halwe Manasse-stam geroep

2en vir hulle gesê: “Julle het alles gedoen wat Moses, die dienaar van die Here, vir julle gesê het en julle was altyd gehoorsaam aan my.

3Julle het hierdie hele lang tyd tot vandag toe nie die ander Israeliete gelos nie en julle het gedoen wat die Here wil hê.

4En nou het julle God die Here die ander Israeliete laat wen teen hulle vyande, Hy het dit vir hulle belowe. Gaan nou terug na julle woonplekke in die land wat aan julle behoort, die land oos van die Jordaan-rivier. Dit is die land wat Moses, die dienaar van die Here, vir julle gegee het.

5Maar onthou, julle moet seker maak dat julle doen wat die gebooie en die wette sê wat Moses, die dienaar van die Here, vir julle gegee het. Julle moet lief wees vir julle

© Bible Society of South Africa.

God die Here, julle moet lewe soos Hy wil hê en julle moet doen wat sy gebooie sê. Julle moet aanhou om Hom te dien met julle hele hart, met julle hele lewe."

6Josua het hulle geseën en hy het hulle laat gaan, en hulle het na hulle woonplekke gegaan.

7Moses het vir die een helfte van die Manasse-stam grond gegee in die land Basan, en Josua het vir die ander helfte van die stam grond gegee by die ander Israeliete wes van die Jordaan-rivier. Josua het hulle laat gaan na hulle woonplekke en hy het hulle geseën.

8Hy het vir hulle gesê: "Julle mag teruggaan na julle woonplekke met die baie goed, die groot troppe beeste, skape en bokke, die silwer en goud en brons en yster, en die baie klere wat julle van die vyande gevat het. Maar julle moet vir die ander mense in julle stamme ook van daardie goed gee."

Die altaar by die Jordaan-rivier

9Die manne van die stamme Ruben en Gad en die halwe Manasse-stam het toe teruggegaan. Hulle het weggegaan van die ander Israeliete by die stad Silo in die land Kanaän. Hulle het na die land Gilead gegaan, die land wat aan hulle behoort. Die Here het vir Moses gesê hulle moet daardie land vat.

10Hulle het by die stad Gelilot naby die Jordaan-rivier gekom, dit was in die land Kanaän. Die manne van die stamme Ruben en Gad en die halwe Manasse-stam het daar 'n altaar gebou, 'n groot altaar.

11Die ander Israeliete het gehoor dat die manne van die twee en 'n halwe stamme 'n altaar gebou het langs die grens van die land Kanaän, by die stad Gelilot naby die Jordaan-rivier. Dit was langs die ander Israeliete se grond.

12Toe die Israeliete dit hoor, het die hele volksvergadering in Silo bymekaargekom om oorlog te gaan maak teen die twee en 'n halwe stamme.

13Maar die Israeliete het eers vir Pinehas seun van die priester Eleasar gestuur na die twee en 'n halwe stamme in die land Gilead.

14Tien leiers het saam met hom gegaan, 'n leier van elke stam. Elke leier was die hoof van 'n groep families van Israel.

15Toe hulle by die twee en 'n halwe stamme in die land Gilead kom, het hulle vir daardie stamme gesê:

16"Die volksvergadering van die Here vra: Hoekom is julle ontrou aan die God van Israel? Julle het opgehou om die Here te dien toe julle vir julle 'n altaar gebou het. Julle is nou opstandig teen die Here.

17 Ons het voorheen by die stad Peor groot sonde gedoen en die Here het die volk swaar gestraf, maar tot nou toe het ons nog nie weer rein geword nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18As julle vandag ophou om die Here te dien en as julle opstandig is teen Hom, dan
sal Hy môre kwaad wees vir ál die Israeliete.

19As die land wat aan julle behoort, onrein is, dan moet julle kom na die land wat
aan die Here self behoort, die land waar sy tempel-tent is, en julle moet vir julle
grond vat tussen ons. Maar julle moenie opstandig wees teen die Here en teen ons
nie. Julle moenie vir julle ’n eie altaar bou wat nie die altaar van ons God die Here is
nie.

20 Akan seun van Serag was ontrou, hy het van die goed gevat wat aan die
Here gewy was, en die Here het nie net vir hóm laat sterf oor sy sonde nie, die Here
was kwaad vir ál die Israeliete.”

21Die mense van die stamme Ruben en Gad en die halwe Manasse-stam het vir die
hoofde van die familie-groepe van Israel gesê:

22“Die Here is die God van die gode, die Here is die God van die gode! Hy weet, en
julle moet ook weet hoekom ons dit gedoen het. Ons het dit nie gedoen omdat ons
opstandig wil wees teen die Here of omdat ons ontrou wil wees aan Hom nie. As julle
dink dat ons verkeerd gedoen het, dan moet julle ons vandag doodmaak.

23Die Here self sal ons straf as ons vir ons ’n altaar gebou het om op te hou om die
Here te dien en om brand-offers, koring-offers en ete-offers op die altaar te bring.

24Nee, ons het die altaar gebou omdat ons bekommerd was. Ons het gedink julle
kinders sal eendag vir ons kinders sê: ‘Julle behoort nie aan die Here, die God van
Israel, nie.

25Die Here het gesê daar moet ’n grens wees tussen ons en julle, dit is die Jordaan-
rivier, julle behoort nie aan die Here nie.’ Dan sal julle kinders miskien ons kinders
laat ophou om die Here te dien.

26Ons het toe gedink ons moet vir ons ’n altaar bou. Ons wil nie daarop brand-offers
en ander offers bring nie,

27die altaar moet ’n getuie wees tussen ons en julle en tussen ons nageslag en julle
nageslag. Die altaar moet die getuie wees dat ons sal aanhou om die Here by sy
altaar te dien met ons brand-offers, ons ander offers en ons ete-offers. Dan sal julle
nageslag nie eendag vir ons nageslag kan sê: ‘Julle behoort nie aan die Here nie.’

28Ons het gedink as julle nageslag dit eendag vir ons nageslag sê, dan kan ons
nageslag sê: ‘Kyk, daar is die altaar wat ons voorvaders gemaak het, dit lyk soos die
Here se altaar. Maar ons gebruik nie die altaar om brand-offers en ander offers te
offer nie, die altaar is die getuie tussen ons en julle.’

29Ons wil glad nie opstandig wees teen die Here nie, en ons wil nie ophou om Hom te
dien nie. Die altaar van ons God die Here is voor sy tempel-tent, en ons het nie ’n
ander altaar gebou vir brand-offers en koring-offers nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30Toe die priester Pinehas en die leiers van die volksvergadering, die hoofde van die
familie-groepe van Israel, hoor wat sê die mense van Ruben, Gad en Manasse, was
hulle tevrede.

31Pinehas seun van die priester Eleasar het vir die mense van Ruben, Gad en
Manasse gesê: “Ons weet nou dat die Here by ons is, want julle was nie ontrou aan
die Here toe julle die altaar gebou het nie. Julle het gekeer sodat die Here nie die
Israeliete straf nie.”

32Pinehas seun van die priester Eleasar en die leiers het weggegaan van die stamme
in die land Gilead. Hulle het na die ander Israeliete toe gegaan en hulle het vir die
ander Israeliete gesê wat hulle gehoor het.

33Die Israeliete was toe tevrede en hulle het God geprys. Hulle het besluit om nie
oorlog te maak teen daardie stamme nie en om nie die land te verwoes waar hulle
woon nie.

34Die mense van Ruben en Gad het vir die altaar ’n naam gegee en gesê: “Die altaar
is die getuie tussen ons, dit sê die Here is God.”

Josua 23

Josua praat met die volk

1Dit was ’n lang tyd nadat die Here die Israeliete laat wen het teen al hulle vyande
rondom hulle. Josua was baie oud.

2Josua het al die Israeliete geroep, die leiers, die hoofde, die regters en die
voormanne, en hy het vir hulle gesê: “Ek is baie oud.

3Julle het self alles gesien wat julle God die Here vir julle gedoen het met hierdie
volke. Want julle God die Here, Hy self het oorlog gemaak sodat julle die vyande kon
oorwin.

4Julle weet dat ek hierdie grond vir julle stamme gegee het, die grond van die
Jordaan-rivier tot by die Groot See in die weste. Dit was voorheen die grond van die
volke wat ek doodgemaak het, en ook van volke wat nog hier is.

5Julle God die Here, Hy self sal die volke wat nog hier is, wegstoot en wegjaag om
plek te maak vir julle. Julle God die Here het dit vir julle belowe.

6Maar julle moet baie sterk wees, julle moet alles doen wat geskryf is in die Wetboek
van Moses, julle moet presies so lewe.

7Julle moenie vriende word van die volke wat nog hier by julle is nie. Julle moenie tot
hulle gode bid en hulle name noem wanneer julle iets belowe nie. Julle moenie hulle
dien en voor hulle buig nie.

8Julle moet aanhou om die Here te dien, soos julle gedoen het tot nou toe.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Die Here het groot en sterk volke weggejaag om plek te maak vir julle. Nie een volk
kon tot vandag toe vir julle oorwin en teen julle bly staan nie.

10Een van julle manne kan 1 000 vyande jaag, want julle God die Here, Hy self het vir
julle gehelp om oorlog te maak, Hy het dit vir julle belowe.

11Maar julle moet baie versigtig wees, julle moet lief wees vir julle God die Here.

12Julle moenie ophou om die Here te dien nie en julle moenie vriende word van die
mense van hierdie volke wat nog hier is nie. Julle moenie met hulle trou nie en julle
moenie by hulle kom nie.

13As julle dit doen, dan moet julle weet dat die Here sal ophou om hierdie volke weg
te jaag om plek te maak vir julle, dit is seker. En dan sal hulle vir julle word
soos vangnette en vangstrikke, soos swepe wat julle slaan en dorings wat in julle oë
steek. Dit sal aanhou totdat julle weg is uit hierdie goeie land wat julle God die Here
vir julle gegee het.

14Luister na my, ek sal nou sterf, dit is die pad wat almal op die aarde moet loop.
Julle weet baie goed dat al die goeie dinge gebeur het wat julle God die Here vir julle
belowe het. Elke woord wat Hy gesê het, het waar geword.

15Die goeie dinge het gebeur wat julle God die Here vir julle belowe het, maar as julle
ongehoorsaam is, dan sal Hy ook elke slegte ding laat gebeur wat Hy gesê het. Dit sal
aanhou totdat Hy julle almal laat verdwyn het uit hierdie goeie land wat Hy vir julle
gegee het.

16As julle nie doen wat julle God die Here vir julle in sy verbond gesê het nie en as
julle ander gode gaan dien en julle buig voor hulle, dan sal die Here kwaad word vir
julle en julle sal gou verdwyn uit die goeie land wat Hy vir julle gegee het."

Josua 24

Die volk besluit om net die Here te dien

1Josua het al die stamme van Israel laat bymekaarkom by die stad Sigem. Hy het die
leiers, die hoofde, die regters en die voormanne geroep, en hulle het voor God kom
staan.

2Josua het toe vir die hele volk gesê: "Die Here, die God van Israel, sê:
Julle voorvaders het lank gelede anderkant die Eufraat-rivier gewoon. Dit was Tera
en sy seuns Abraham en Nahor. En hulle het ander gode gedien.

3Ek het toe julle voorvader Abraham weggeneem van anderkant die Eufraat-rivier en
Ek het hom deur die hele land Kanaän laat gaan. Ek het sy nageslag baie laat word.
Ek het vir hom 'n seun gegee, sy naam was Isak,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4En Ek het vir Isak seuns gegee, hulle name was Jakob en Esau. Ek het die Seïr-berge vir Esau gegee sodat hy dit vir homself kon vat, en Jakob en sy seuns het na Egipte gegaan.

5Ek het vir Moses en Aäron na Egipte gestuur, en Ek het dinge daar gedoen wat die Egiptenaars laat swaarkry het. En toe het Ek julle uitgebring.

6Toe Ek julle voorvaders uit Egipte gebring het, het julle by die see gekom, en die Egiptenaars het julle voorvaders gevolg en gejaag tot by die Riet-see. Die Egiptenaars het oorlogkarre en manne op perde gehad.

7Julle voorvaders het tot die Here geroep en gevra dat Hy hulle moet help. Toe het die Here dit donker laat word tussen julle en die Egiptenaars, en Hy het die see oor hulle laat vloei sodat die water hulle toegemaak het. Julle het self gesien wat Ek met die Egiptenaars gedoen het. Ná daardie tyd het julle baie lank in die woestyn gebly.

8Toe het Ek julle gebring na die land van die Amoriete. Die Amoriete het oos van die Jordaan-rivier gewoon. Hulle het oorlog gemaak teen julle, en Ek het julle laat wen teen hulle. Julle het hulle land gevat, en Ek het hulle laat sterf om plek te maak vir julle.

9Toe het Balak seun van Sippor, koning van Moab, besluit om oorlog te maak teen die Israeliete. Hy het vir Bileam seun van Beor laat haal om julle te vervloek.

10Maar Ek wou nie doen wat Bileam gevra het nie, Ek het gesê hy moet julle seën. Ek het julle gered van Balak.

11Julle het oor die Jordaan-rivier gegaan en by die stad Jerigo gekom. Die mense van Jerigo het oorlog gemaak teen julle. Dit was die Amoriete en Feresiete en Kanaäniete en Hetiete en Girgasiete en Hewiete en Jebusiete. Maar Ek het julle laat wen teen hulle.

12Dit was nie júlle wapens wat hulle oorwin het nie. Ék het hulle bang laat word, en hulle het gevlug soos die twee konings van die Amoriete.

13Ek het vir julle ’n land gegee waar julle nie gewerk het nie en stede wat julle nie self gebou het nie. Julle het daar gaan woon en julle het druiwe en olywe geëet van wingerdstokke en olyfbome wat julle nie geplant het nie.

14Daarom, julle moet die Here dien, julle moet dit altyd en eerlik doen. Julle moet die gode los wat julle voorvaders anderkant die Eufraat-rivier en in Egipte gedien het en julle moet die Here dien.

15Maar as julle besluit julle wil nie die Here dien nie, dan moet julle vandag kies vir wie julle wil dien. Wil julle die gode dien wat julle voorvaders anderkant die Eufraat-rivier gedien het? Julle woon nou in die Amoriete se land. Wil julle húlle gode dien? Maar ek en my familie sal die Here dien.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Die volk het vir Josua gesê: “Ons wil glad nie die Here los en ander gode dien nie,

17want die Here is ons God. Dit is Hý wat ons en ons voorvaders uit Egipte gebring het, Hy het ons gebring uit die plek waar ons slawe was. Ons het die groot wonderwerke gesien wat Hy gedoen het. Hy het ons beskerm op die hele pad waar ons geloop het, Hy het ons beskerm teen die volke van al die lande waar ons gegaan het.

18Die Here het al die volke weggejaag om plek te maak vir ons, Hy het ook die Amoriete weggejaag wat in die land gewoon het. Ons sal ook die Here dien, want Hý is ons God.”

19Toe sê Josua vir die volk: “Julle kan nie die Here dien nie, want Hy is ’n heilige God, Hy wil hê julle moet net vir Hom dien. Hy sal julle nie vergewe as julle opstandig is en sonde doen nie.

20As julle die Here los en as julle gode van ander volke dien, dan sal Hy dit sleg laat gaan met julle en Hy sal julle almal laat sterf, Hy wat voorheen goed gedoen het aan julle.”

21Die volk het toe vir Josua gesê: “Nee, ons sal net die Here dien.”

22Josua het vir die volk gesê: “Dan is julle getuies teen julleself dat júlle gekies het om die Here te dien.” En hulle het gesê: “Ja, ons is.”

23Josua sê toe: “Dan moet julle nou die ander volke se gode los en julle moet heeltemal aan die Here behoort, julle moet behoort aan die God van Israel.”

24Die volk het geantwoord en gesê: “Ons sal net ons God die Here dien en ons sal net aan Hom gehoorsaam wees.”

25Josua het daardie dag ’n verbond gemaak met die volk. Hy het daar by die stad Sigem vir hulle reëls en wette gegee.

26Hy het dit opgeskryf in die Wetboek van God. Hy het ’n groot klip geneem en hy het dit daar regop gesit onder die groot boom by die tempel van die Here.

27Josua het vir die hele volk gesê: “Hierdie klip sal vir ons ’n getuie wees, want die klip het alles gehoor wat die Here vir ons gesê het. Die klip sal die getuie wees sodat julle nie vals is met julle God nie.”

28Toe het Josua die volk laat gaan, elkeen na sy grond.

Josua sterf

29Nadat hierdie dinge gebeur het, het die Here se dienaar Josua seun van Nun gesterf. Josua was 110 jaar oud.

30Hulle het hom begrawe op sy grond by die stad Timnat-Serag in die Efraim-berge, noord van Gaäs-berg.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

31Terwyl Josua gelewe het, het die Israeliete die Here gedien. Hulle het aangehou om
Hom te dien, ook toe die leiers gelewe het wat geweet het wat die Here vir die
Israeliete gedoen het.

32Toe die Israeliete voorheen weggegaan het uit Egipte, het hulle Josef se bene
saamgebring en hulle het dit begrawe in Sigem. Dit is die stuk grond wat Jakob
gekoop het van die nageslag van Sigem, seun van Gamor. Jakob het 100 kesita
daarvoor betaal. So het dit gebeur dat die grond aan die nageslag van Josef behoort.

Eleasar sterf

33Eleasar seun van Aäron het gesterf, en hulle het hom begrawe in die Efraim-berge,
op die heuwel wat aan sy seun Pinehas behoort het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Rigters

Rigters 1

Die Juda-stam en die Simeon-stam

1 Nadat Josua gesterf het, het die Israeliete vir die Here gevra: “Wie van ons moet
eerste teen die Kanaäniete gaan oorlog maak?”

2 Die Here het gesê: “Die Juda-stam moet eerste gaan. Ek sal hulle help om die land
te oorwin.”

3 Die mense van die Juda-stam het toe vir die mense van die Simeon-stam gesê:
“Kom maak saam met ons oorlog teen die Kanaäniete, dan sal ons later saam met
julle gaan en julle help wanneer julle moet gaan oorlog maak.” Simeon was Juda se
broer. Die Simeon-stam het toe saam met die Juda-stam gegaan.

4 Die Here het hulle gehelp om die Kanaäniete en Feresiete te oorwin. Hulle het in die
stad Besek 10 000 soldate doodgemaak.

5 Daar in Besek het hulle vir Adoni-Besek gekry en hulle het oorlog gemaak teen sy
mense. Hulle het die Kanaäniete en Feresiete oorwin.

6 Adoni-Besek het gevlug, maar die mense van Juda en Simeon het hom gevolg en
hulle het hom gevang. Hulle het sy duime en sy groot-tone afgesny.

7 Adoni-Besek het gesê: “God het my nou gestraf oor wat ek gedoen het, want ek het
70 konings se duime en groot-tone afgesny, en hulle moes onder my tafel die
krummels eet wat afgeval het.” Die mense van Juda en Simeon het vir Adoni-Besek
na Jerusalem gebring, en hy het daar gesterf.

8 Die mense van Juda het oorlog gemaak teen die mense van Jerusalem en hulle het
die stad oorwin. Hulle het die mense doodgemaak wat daar gewoon het. Toe het
hulle die stad afgebrand.

9 Daarna het die mense van Juda oorlog gemaak teen die Kanaäniete wat gewoon het
op die berge en in die Suid-land en die Laeveld.

10 Hulle het ook gaan oorlog maak teen die Kanaäniete wat in die stad Hebron
gewoon het. Hebron se naam was voorheen Kirjat-Arba. Daar het hulle vir Sesai,
Agiman en Talmai oorwin.

11 Toe het die mense van Juda gaan oorlog maak teen die mense wat in die stad Debir
gewoon het. Debir se naam was voorheen Kirjat-Sefer.

12 Kaleb het vir sy soldate gesê: “Die man wat die stad Kirjat-Sefer oorwin en vir ons
vat, hy kan met my dogter Aksa trou.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Otniël het die stad oorwin. Hy was die seun van Kaleb se jonger broer Kenas. Kaleb het toe sy dogter Aksa vir Otniël gegee.

14Die dag toe Aksa met Otniël trou, het sy vir Otniël gesê hy moet vir haar pa ’n stuk grond vra. Maar voordat sy op haar donkie weggery het, het sy self vir Kaleb gewys sy wil vir hom iets vra. Toe Kaleb vir haar vra wat sy wil hê,

15het sy vir hom gesê: “Pa het vir my die Suid-land gegee. Maar gee nou vir my ook putte, sodat dit goed kan gaan met my.” Kaleb het vir haar die Boonste Put en die Onderste Put gegee.

16Die Keniete was die nageslag van Moses se skoonpa. Hulle het van die stad Jerigo gekom, die stad waar baie palmbome gegroei het, en hulle het saam met die mense van Juda in die woestyn van Juda gaan woon, in die Suid-land rondom die stad Arad.

17Die stam van Juda het saam met die stam van sy broer Simeon gegaan, en hulle het die Kanaäniete oorwin wat in die stad Sefat gewoon het. Hulle het al die mense en diere in die stad doodgemaak en hulle het die stad Gorma genoem.

18Die mense van Juda het ook die stede Gasa, Askelon en Ekron oorwin, en hulle het die stede gevat saam met die grond rondom die stede.

19Die Here het die mense van Juda gehelp. Hulle het die mense in die berge oorwin, maar hulle kon nie die mense wat in die valleie gewoon het, oorwin en wegjaag nie, want daardie mense het oorlogkarre van yster gehad.

20Die Juda-stam het die stad Hebron vir Kaleb gegee. Kaleb het drie Enak-mense oorwin en weggejaag uit Hebron.

Die ander stamme jaag nie al die Kanaäniete weg nie

21Die Benjamin-stam het nie die Jebusiete oorwin en weggejaag nie, die Jebusiete wat in Jerusalem gewoon het. Die Jebusiete woon tot vandag toe saam met die Benjamin-mense in Jerusalem.

22Die nageslag van Josef het ook teen die Kanaäniete gaan oorlog maak, en die Here het hulle gehelp.

23Hulle het mense gestuur om te kyk hoe hulle in die stad Bet-El kan inkom. Bet-El se naam was voorheen Lus.

24Die spioene het ’n man uit die stad sien kom, en hulle het vir hom gesê: “As jy vir ons wys hoe ons in die stad kan inkom, dan sal ons goed wees vir jou.”

25Die man het vir hulle gewys hoe om in die stad in te kom. Die nageslag van Josef het toe die stad oorwin en hulle het die mense in die stad doodgemaak. Maar hulle het die man laat gaan wat vir hulle gehelp het, die man en sy hele familie.

26Die man het na Hetiete-land gegaan en hy het daar ’n stad gebou. Hy het die stad ook Lus genoem, dit is vandag nog die naam van die stad.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Die Manasse-stam het nie die mense oorwin en weggejaag wat gewoon het in die stede Bet-San, Taänak, Dor, Jibleam en Megiddo en in die klein dorpies rondom hulle nie. Die Kanaäniete wou nie weggaan uit die stede nie.

28Toe die Israeliete ’n sterk volk geword het, het hulle die Kanaäniete swaar laat werk, maar hulle het nooit die Kanaäniete heeltemal weggejaag nie.

29Die Efraim-stam het ook nie die Kanaäniete oorwin en weggejaag wat in Geser gewoon het nie. Die Kanaäniete het aangehou om in Geser te woon tussen die mense van Efraim.

30Die Sebulon-stam het nie die mense oorwin en weggejaag wat in Kitron en Nahalal gewoon het nie. Die Kanaäniete het aangehou om tussen die Sebulon-mense te woon, maar die Sebulon-mense het die Kanaäniete swaar laat werk.

31Die Aser-stam het nie die mense oorwin en weggejaag wat gewoon het in die stede Akko, Sidon, Aglab, Aksib, Gelba, Afek en Regob nie.

32Die Aser-mense het gewoon tussen die Kanaäniete in die land, want hulle het nie die Kanaäniete weggejaag nie.

33Die Naftali-stam het nie die mense oorwin en weggejaag wat gewoon het in die stede Bet-Semes en Bet-Anat nie, maar die mense van Bet-Semes en Bet-Anat moes swaar werk vir die Naftali-mense.

34Die Amoriete het die mense van die Dan-stam gekeer, en die Dan-mense kon nie in die valleie inkom nie. Daarom moes die Dan-mense in die berge woon.

35Die Amoriete wou nie weggaan uit die stede Har-Geres, Ajalon en Saälbim nie. Maar die Josef-stamme het later sterk geword, en toe moes die Amoriete swaar werk vir die Josef-mense.

36Die grens van die Amoriete se land het begin by Skerpioen-pas, by die rots, en van daar was die grens hoër teen die berg op.

Rigters 2

Bokim

1Die Engel van die Here het van die stad Gilgal na die plek Bokim gegaan en Hy het vir die Israeliete gesê: “Ek het julle uit Egipte gebring na die land wat Ek vir julle voorvaders belowe het, en Ek het gesê: Ek sal nooit my verbond met julle breek nie,

2maar dan moet julle nie ’n ooreenkoms maak met die mense wat in die land woon nie, en julle moet hulle altare afbreek. “Maar julle was nie gehoorsaam aan My nie. Julle het nie gedoen wat Ek gesê het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Ek het ook vir julle gesê Ek sal nie die mense wegjaag wat in die land woon nie. Julle sal niks kan doen teen hulle en hulle gode nie. Julle sal word soos voëls in vangstrikke en vangnette.”

4Toe die Engel van die Here dit vir al die Israeliete sê, het hulle hard gehuil.

5Daarom het hulle die plek Bokim genoem. Hulle het ook daar offers gebring vir die Here.

Die Israeliete het opgehou om die Here te dien

6Josua het die Israeliete gestuur om die land te vat, en hulle het gegaan en dit gedoen. Elkeen het na die stuk grond gegaan wat hy moes kry.

7Die Israeliete het die Here gedien terwyl Josua gelewe het en terwyl die leiers ná Josua gelewe het. Hierdie leiers was die mense wat gesien het watter groot dinge die Here vir die Israeliete gedoen het.

8Maar Josua, seun van Nun en dienaar van die Here, het gesterf. Hy was 110 jaar oud.

9Sy mense het hom begrawe op sy grond in Timnat-Geres, in die Efraim-berge, noord van Gaäs-berg.

10En toe die mense wat saam met Josua gelewe het, ook gesterf het, het ’n nuwe geslag gekom wat nie die Here geken het nie en nie geweet het wat Hy alles vir die Israeliete gedoen het nie.

11Die Israeliete het toe dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hulle het die Baäls gedien.

12Hulle het opgehou om die Here te dien, die God van hulle voorvaders, die Here wat hulle uit Egipte gebring het. Hulle het ander gode gedien, gode van die volke rondom hulle. Hulle het voor daardie gode gebuig en hulle het die Here kwaad gemaak.

13Ja, die Israeliete het opgehou om die Here te dien en hulle het die Baäls en Astartes gedien.

14Die Here het baie kwaad geword. Hy het ander mense laat kom wat al die Israeliete se goed kom vat het. Hy het die Israeliete swakker laat word as al hulle vyande rondom hulle, en die Israeliete kon nie die vyande keer nie.

15Oral waar die Israeliete gegaan het, het die Here dit sleg laat gaan met hulle. Hy het hulle gewaarsku dat Hy dit sal doen, en hulle het nou baie swaar gekry.

Die leiers

16Partymaal het die Here vir die Israeliete leiers gegee, en dan het die leiers die Israeliete gered van die mense wat die Israeliete se goed kom vat het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Maar die Israeliete het ook nie na hulle leiers geluister nie. Die Israeliete het ander gode gedien en voor hulle gebuig. Ja, die Israeliete het nie gedoen soos hulle voorvaders gedoen het nie. Hulle voorvaders was gehoorsaam aan die gebooie van die Here, maar nou het die Israeliete dit nie meer gedoen nie.

18Wanneer die Here vir die Israeliete 'n leier gegee het, dan was die Here by die leier. Die Here het die Israeliete gered van hulle vyande terwyl die leier gelewe het. Die Here het hulle gered, want Hy was jammer vir hulle wanneer vyande hulle verdruk en laat swaarkry.

19Maar wanneer daardie leier sterf, dan het hulle nog slegter dinge gedoen as hulle voorvaders. Hulle het ander gode gedien en voor die gode gebuig. Hulle het aangehou om verkeerde dinge te doen.

20Die Here het baie kwaad geword vir die Israeliete. Hy het gesê: "Hierdie mense doen nie wat Ek vir hulle voorvaders gesê het nie, hulle is ongehoorsaam.

21Daarom sal Ek nie die volke wegjaag voor die Israeliete nie, nie een van die volke wat Josua laat oorbly het nie.

22Ek wil die Israeliete toets, Ek wil kyk of hulle soos hulle voorvaders sal doen wat Ek wil hê."

23Die Here het toe party van die volke daar laat bly, Hy het hulle nie dadelik weggejaag nie. Hy het nie vir Josua gesê om oorlog te maak teen daardie volke nie.

Rigters 3

1-2Die Here wou vir die Israeliete wat nog nie oorlog kon maak nie, leer hoe om oorlog te maak. Hy wou die Israeliete toets. Daarom het Hy hierdie volke laat bly waar hulle was:

3die mense in die vyf Filistynse stede, en al die Kanaäniete en Sidoniërs, en die Hewiete wat op die Libanon-berg gewoon het, van Baäl-Hermonberg tot by Lebo-Hamat.

4Die Here wou die Israeliete toets. Hy wou sien of hulle gehoorsaam sal wees aan sy gebooie. Hy het voorheen vir Moses gestuur om die gebooie vir hulle voorvaders te gee.

5Die Israeliete het gewoon tussen die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete.

6Die Israeliete het getrou met vroue en mans van daardie mense, en die Israeliete het daardie mense se gode gedien.

Otniël

7Die Israeliete het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hulle het hulle God die Here vergeet en hulle het die Baäls en Asjeras gedien.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[8]Die Here het baie kwaad geword vir die Israeliete. Hy het Kusan-Risatajim gehelp om ’n oorlog te wen teen die Israeliete. Kusan-Risatajim was die koning van die Arameërs wat tussen die Eufraat-rivier en die Tigris-rivier gewoon het. Die Israeliete het Kusan-Risatajim ag jaar lank gedien.

[9]Hulle het tot die Here gebid en gevra dat Hy hulle moet help. Die Here het toe vir die Israeliete ’n redder gestuur om hulle te red. Die redder was Otniël. Hy was die seun van Kaleb se jongste broer Kenas.

[10]Die Gees van die Here het in Otniël gekom. Hy het die leier van die Israeliete geword, en hy het teen Kusan-Risatajim oorlog gemaak en hom oorwin. Die Here het vir Otniël gehelp om dit te doen.

[11]Daar was 40 jaar lank vrede in die land. Daarna het Otniël seun van Kenas gesterf.

Ehud

[12]Die Israeliete het weer dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Daarom het die Here vir Eglon, die koning van die Moabiete, sterker laat word as die Israeliete.

[13]Eglon het die Ammoniete en Amalekiete saam met hom gebring, en hy het die stad Jerigo oorwin, die stad waar baie palmbome gegroei het.

[14]Die Israeliete het koning Eglon van Moab 18 jaar lank gedien.

[15]Hulle het tot die Here gebid en gevra dat Hy hulle moet help. Die Here het toe vir die Israeliete ’n redder gestuur om hulle te red. Die redder was Ehud. Hy was die seun van Gera, ’n Benjamin-man. Ehud was links. Die Israeliete het hom gestuur om die belasting vir koning Eglon van Moab te bring.

[16]Ehud het toe vir homself ’n swaard gemaak, die swaard se lem was altwee kante skerp. Dit was ’n kort swaard. Ehud het die swaard op sy regter-heup aan sy belt vasgemaak onder sy klere.

[17]Toe het Ehud die belasting vir koning Eglon van Moab gebring. Eglon was baie vet.

[18]Toe Ehud die belasting klaar vir die koning gegee het, het hy die mense teruggestuur wat die belasting-geld gedra het.

[19]Hyself het omgedraai by die beelde naby Gilgal. Hy het teruggegaan na die koning toe en vir hom gesê: “Koning, ek moet vir jou iets sê, maar dit is ’n geheim.” Die koning het toe gesê almal wat by hom was, moet uitgaan. Hulle het dit gedoen.

[20]Die koning was in sy koel bo-kamer waar ander mense gewoonlik nie gekom het nie. Ehud het vir die koning gesê: “Ek bring vir jou ’n boodskap van God.” Toe die koning opstaan van sy stoel,

[21]het Ehud met sy linker-hand die swaard van sy regter-heup gevat. Hy het dit so diep in die koning se maag gesteek

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22-23dat die vet die swaard toegemaak het. Ehud het nie die swaard weer uitgetrek nie. Hy het die deur van die bo-kamer gesluit en deur ’n venster geklim, en hy het by die voordeur uitgegaan.

24Nadat Ehud weggegaan het, het die amptenare van die koning gekom en gesien die deur van die bo-kamer is toe. Hulle het gedink die koning sit op die toilet in die koel kamer.

25Hulle het baie lank gewag en het nie geweet wat om te doen nie. Niemand het die deur oopgemaak nie. Hulle het ’n sleutel gebring en die deur oopgemaak. En toe lê hulle koning daar dood op die vloer.

26Omdat die amptenare so lank gewag het, kon Ehud weghardloop. Hy het verby die beelde gegaan en hy het na die plek Seïra gegaan.

27Toe hy daar kom, het hy die ramshoring geblaas op die Efraim-berge. Die Israeliete het uit die berge gekom en hulle het saam met hom gegaan. Hy het voor gehardloop

28en hy het vir hulle gesê: “Hardloop saam met my, want die Here sal julle vandag laat wen teen julle vyande, die Moabiete.” Die Israeliete het saam met Ehud gegaan en hulle het manne laat staan by die driwwe in die Jordaan-rivier tussen die land Israel en die land Moab. Die manne moes keer dat niemand deurgaan nie.

29Die Israeliete het die Moabiete oorwin en hulle het omtrent 10 000 manne doodgemaak. Die manne was almal vet, en elke man was ’n goeie soldaat.

30Die Israeliete was van daardie dag af ’n sterker volk as die Moabiete. Daar was 80 jaar lank vrede in die land.

Samgar

31Ná Ehud het Samgar die leier geword. Hy was die seun van Anat, en hy het 600 Filistyne doodgemaak met ’n skerp stok. So het hy ook die Israeliete gered.

Rigters 4

Debora en Barak

1Die Israeliete het weer dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Ná die dood van Ehud

2het die Here vir koning Jabin van Kanaän gehelp om die Israeliete te oorwin. Koning Jabin se paleis was in die stad Hasor. Sisera was die hoof van sy leër, en hy het gewoon in Garoset-Gojim.

3Jabin het 900 oorlogkarre van yster gehad, en hy het die Israeliete 20 jaar lank verdruk. Die Israeliete het tot die Here gebid en gevra dat Hy hulle moet help.

4In daardie tyd was Debora die leier van die Israeliete. Sy was ’n profeet en sy was getroud met Lappidot.

© Bible Society of South Africa.

5Sy het altyd onder ’n palmboom gesit, die Debora-palm, en die Israeliete het na haar toe gegaan wanneer hulle probleme gehad het. Die Debora-palm was in die Efraim-berge tussen Gorma en Bet-El.

6Debora het vir Barak in Kedes-Naftali laat roep. Hy was die seun van Abinoam. Sy het vir hom gesê: “Die Here, die God van Israel, sê: ‘Jy moet 10 000 manne van die Naftali-mense en die Sebulon-mense saam met jou neem en op Tabor-berg gaan wag.

7Ek sal Sisera, die hoof van Jabin se leër, vir jou laat wag by die Kison-rivier. Hy sal sy oorlogkarre en sy manne by hom hê, maar Ek sal jou laat wen teen hom.’ ”

8Barak het vir Debora gesê: “Ek sal gaan as jy saam met my gaan, maar as jy nie saam met my gaan nie, dan sal ek nie gaan nie.”

9Debora het gesê: “Ja, ek sal saam met jou gaan, maar onthou, wanneer julle die vyand oorwin, dan sal jy nie die eer kry nie, want die Here sal ’n vrou gebruik om Sisera dood te maak.” Debora het saam met Barak na Kedes gegaan.

10Barak het die manne van Sebulon en Naftali na Kedes laat kom. Saam met hom het 10 000 manne gegaan, en Debora het ook saamgegaan.

11Geber was ’n Keniet en hy was van die nageslag van Gobab, die skoonpa van Moses. Geber het weggetrek van die Keniete en hy het sy tent gaan opslaan by die groot boom in Saänannim naby Kedes.

12Sisera het gehoor Barak het teen Tabor-berg opgegaan.

13Sisera het sy 900 oorlogkarre van yster en ook al sy soldate uit Garoset-Gojim laat kom na die Kison-rivier.

14Debora sê toe vir Barak: “Maak oorlog teen hulle, want die Here sal jou vandag laat wen teen Sisera. Onthou, die Here gaan voor jou, Hy sal jou help.” Barak het afgegaan van Tabor-berg, en die 10 000 manne het saam met hom gegaan.

15Die Here het Sisera en al sy manne op die oorlogkarre en al sy soldate baie groot laat skrik vir Barak. Sisera self het van sy oorlogkar afgespring en gevlug.

16Barak en sy manne het die oorlogkarre en die leër van Sisera gevolg en gejaag tot by Garoset-Gojim, en hulle het al die soldate doodgemaak, nie een het aangehou lewe nie.

17Sisera het gehardloop en gevlug na die tent van Jael, die vrou van die Keniet Geber. Daar was vrede tussen die familie van die Keniet Geber en koning Jabin van Hasor.

18Jael het vir Sisera gaan ontmoet. Sy het vir hom gesê: “Kom, Meneer, kom na my toe. Moenie bang wees nie.” Sisera het na haar tent gekom, en sy het hom laat wegkruip onder ’n kombers.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Hy het vir haar gesê: “Ek is dors. Gee vir my asseblief ’n bietjie water om te drink.”

20Sy het die melksak oopgemaak en vir hom melk gegee om te drink. Daarna het sy hom weer toegemaak. Hy het vir haar gesê: “Jy moet by die tentdeur staan, en as iemand vir jou vra of hier iemand is, dan moet jy sê: ‘Nee.’ ”

21Sisera was moeg en hy het aan die slaap geraak. Geber se vrou Jael het toe ’n tentpen en ’n hamer gevat en saggies na Sisera toe gegaan. Sy het die pen deur sy kop geslaan tot in die grond. Hy het gesterf.

22Barak het vir Sisera kom soek, en Jael het na Barak toe gegaan. Sy het vir hom gesê: “Kom, ek sal vir jou die man wys wat jy soek.” Barak het na haar tent gekom, en toe lê Sisera daar dood. Die tentpen was deur sy kop.

23Ja, die Here het daardie dag vir koning Jabin van Kanaän verneder. Die Israeliete het gewen.

24Die Israeliete het ’n sterker volk geword en hulle het koning Jabin van Kanaän verdruk, totdat hulle hom heeltemal oorwin het.

Rigters 5

Die lied van Debora en Barak

1Daardie dag het Debora en Barak seun van Abinoam hierdie lied gesing:

2“Manne in die land Israel het gereedgemaak vir die oorlog. Niemand het gesê dat hulle moet kom nie, hulle het self gekom. Prys die Here.

3Konings en almal wat belangrik is, julle moet luister. Ek wil vir die Here sing, ek wil musiek maak vir die Here, die God van Israel.

4Here, die aarde het geskud, en daar het water gedrup uit die wolke in die lug toe U uit die land Seïr gekom het, toe U gekom het uit die veld van Edom.

5Ja, die berge het gebewe voor die Here wat van Sinai-berg kom, die berge het gebewe voor die God van Israel.

6“In die tyd toe Samgar seun van Anat gelewe het, in die tyd van Jael, was dit te gevaarlik om op die paaie te loop, mense moes deur die veld loop.

7Niemand in die land Israel kon buite die stede woon nie totdat ek, Debora, gekom het om ’n ma te wees vir Israel.

8Die volk het ander gode gekies, en die oorlog het begin in die stede. Maar nie een van Israel se duisende soldate het ’n skild en ’n spies gevat om te veg nie.

9Ek is bly oor die leiers van Israel en die mense wat self besluit het om te kom. Prys die Here!

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Julle moet hard praat en vir die mense daarvan vertel, elkeen van julle wat op ’n mooi saal sit op ’n bruin donkie, en julle wat op die paaie loop.

11Die mense wat water skep vir die diere, praat daaroor dat die Here die vyande oorwin het en dat die mense buite die stede nou weer kan lewe. Die volk van die Here het na die poorte gekom

12en gesê: ‘Debora, jy moet wakker word, jy moet wakker word, wakker word en sing! Barak, seun van Abinoam, jy moet gereedmaak, jy moet die vyande kom vang.’

13“Toe het die mense van my volk, die mense wat nog gelewe het, saam met hulle leiers gekom. Die volk van die Here het na my toe gekom en hulle was almal dapper soldate.

14Uit Efraim het mense afgekom na die vallei, en saam met hulle was die mense van Benjamin. Leiers het gekom uit Makir en uit Sebulon.

15Daar was belangrike mense van die stam Issaskar by Debora, ja, hulle was saam met Barak in die vallei. Maar die Ruben-mense het net gesit en dink by die plekke waar hulle vir hulle skape water gee.

16Hoekom het julle daar by die skaapkrale gebly en aangehou luister na die fluite van die skaapwagters? Ja, die Ruben-mense het net gesit en dink.

17Die mense van Gilead het anderkant die Jordaan-rivier gebly en die mense van Dan, hoekom het hulle by die skepe van ander mense gebly? Die Aser-mense het ook daar langs die see bly sit en nie weggegaan van die hawe nie.

18Maar die mense van Sebulon en Naftali was nie bang nie. Hulle het kom wagstaan op die berge van die land.

19Konings het kom oorlog maak, die konings van Kanaän het oorlog gemaak in Taänak by die Megiddo-water, maar hulle het nie die Israeliete oorwin en hulle silwer gevat nie.

20Die sterre het van bo in die lug oorlog gemaak, hulle het op hulle pad gebly en oorlog gemaak teen Sisera.

21Die Kison-rivier het Sisera se mense weggespoel, die Kison-rivier wat baie oud is. Maar ek kon verder gaan, ek was sterk.

22Die perdepote het geraas op die grond, Sisera se soldate het gevlug op hulle perde.

23“Die Engel van die Here het gesê: ‘Julle moet die stad Meros vervloek, julle moet sy mense vervloek en nie jammer wees vir hulle nie. Want hulle het nie gekom met hulle soldate om die Here te help nie.’

24Maar met Jael sal dit beter gaan as met al die ander vroue, Jael vrou van Geber die Keniet, dit sal met haar beter gaan as met die ander vroue in die tente.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Sisera het water gevra, maar sy het vir hom melk gegee, sy het dikmelk gebring in ’n pragtige bak.

26Sy het ’n tentpen gevat met die een hand en met die ander hand ’n hamer, en sy het vir Sisera doodgemaak. Sy het die pen deur sy kop geslaan tot in die grond.

27Hy het tussen haar voete geval en daar gelê, hy het geval en daar dood gelê.

28“Sisera se ma het by die venster uitgekyk, sy het deur die venster se tralies gekyk, sy het gehuil en gevra: ‘Hoekom kom sy oorlogkar nie? Hoekom hoor ons hom nie kom nie?’

29Die slimste van die vroue wat haar help, het geantwoord. Sy en Sisera se ma het saam gesê:

30‘Ek dink hulle deel die goed uit wat hulle gevat het: Elke man kry een of twee meisies, Sisera kry mooi bont klere, en óns kry nekdoeke met baie kleure.’

31“Here, ek bid dat dit met al u vyande sal gaan soos met Sisera, en dat almal wat lief is vir U, sal wees soos die son wat helder skyn.” Daar was 40 jaar lank vrede in die land.

Rigters 6

Die Here stuur vir Gideon om die Israeliete te red

1Die Israeliete het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Daarom het Hy die Midianiete gestuur om die Israeliete sewe jaar lank te verdruk.

2Die Midianiete het die Israeliete laat swaarkry. Die Israeliete het hulle goed vir die Amalekiete probeer wegsteek in grotte en in plekke in die berge waar mense nie maklik kon kom nie.

3Hulle het dit gedoen omdat die Midianiete en die Amalekiete en die Oosmense elke maal gekom het wanneer die Israeliete klaar hulle koring gesaai het.

4Hulle het dan hulle tente opgeslaan en hulle het die hele land verwoes, tot by die stad Gasa. Hulle het niks laat oorbly wat die Israeliete kon eet nie, ook nie skape of beeste of donkies nie.

5Die Midianiete en die ander vyande het hulle eie skape en bokke en beeste en tente saamgebring. Hulle was so baie soos sprinkane. ’n Mens kon hulle en hulle kamele nie tel nie. Hulle het gekom en hulle het die land verwoes.

6Die Israeliete het baie arm geword omdat die Midianiete en die ander vyande altyd hulle goed gevat het. Die Israeliete het gebid en gevra dat die Here hulle moet help.

7Toe hulle dit gedoen het,

© Bible Society of South Africa.

8het die Here ’n profeet na hulle toe gestuur. Die profeet het vir hulle gesê: “Die Here, die God van Israel, sê: Ek het julle uit Egipte gebring waar julle slawe was.

9Ek het julle gered van die Egiptenaars en van almal in hierdie land wat vir julle laat swaarkry het. Ek het hierdie mense weggejaag sodat julle plek kon kry om te woon, Ek het hulle land vir julle gegee.

10Ek het vir julle gesê: Ek is julle God die Here. Julle woon in die Amoriete se land, maar julle moenie hulle gode dien nie. Julle was nie gehoorsaam aan My nie.”

11Die Engel van die Here het gekom en het gaan sit onder die groot boom by die stad Ofra. Die plek het behoort aan Joas, ’n man uit die familie Abiëser. Joas se seun Gideon was besig om koring uit te slaan binne-in ’n parskuip. Hy het dit daar gedoen sodat die Midianiete dit nie kon sien nie.

12Die Engel van die Here het na hom toe gekom en vir hom gesê: “Jy is ’n man wat kan oorlog maak, en die Here is by jou.”

13Gideon het vir die Engel van die Here gesê: “Asseblief, Meneer, as die Here by ons is, sê vir my hoekom gebeur al hierdie dinge met ons? Waar is al sy wonderwerke? Ons voorvaders het ons daarvan vertel. Hulle het altyd gesê: ‘Die Here het ons uit Egipte gebring.’ Maar nou het die Here ons gelos. Hy het die Midianiete gestuur om ons te verdruk.”

14Die Here het na Gideon gekyk en vir hom gesê: “Jy is sterk. Jy moet die Israeliete gaan red van die Midianiete. Ek stuur jou om dit te doen.”

15Toe sê Gideon vir Hom: “Asseblief, Here, ek kan nie die Israeliete red nie. My familie is die kleinste familie in die Manasse-stam, en ek is die jongste seun in my pa se huisgesin.”

16Die Here het vir Gideon gesê: “Jy sal dit doen omdat Ek by jou sal wees. Jy sal die Midianiete oorwin. Dit sal so maklik wees soos wanneer jy teen een man veg.”

17Toe sê Gideon vir Hom: “As U goed wil wees vir my, doen dan vir my ’n wonderwerk wat wys dat U met my gepraat het.

18Asseblief, moenie hier weggaan nie, ek wil eers na U toe kom en my present bring en voor U neersit.” Die Here het gesê: “Ek sal wag totdat jy kom.”

19Gideon het ’n bok-lam en ’n efa meel gaan haal en die vleis gekook en brood gebak. Daar was nie suurdeeg in die meel nie. Hy het die vleis in ’n mandjie gesit en die sous in die pot gehou en dit na die Here gebring onder die boom. Toe hy dit nader bring,

20het die Engel van God vir hom gesê: “Sit die vleis en die brood daar op die rots en gooi die sous daaroor.” Gideon het dit gedoen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Toe steek die Engel van die Here sy kierie uit en raak met die punt van die kierie aan die vleis en die brood. Daar het vuur uit die rots gekom en dit het die vleis en die brood verbrand. Toe het Gideon nie meer die Engel van die Here gesien nie.

22Gideon het besef dit is die Engel van die Here, en hy het gesê: “Ag, Here, my Here, ek sal sterf, want ek het regtig die Engel van die Here gesien, Hy was hier voor my.”

23Maar die Here het vir hom gesê: “Moenie bekommerd wees nie, moenie bang wees nie, jy sal nie sterf nie.”

24Gideon het daar ’n altaar gebou vir die Here. Hy het die altaar genoem: “Die Here het gesê ek moenie bekommerd wees nie.” Daardie altaar is nog in Ofra, die familie Abiëser woon daar.

25Daardie nag het die Here vir Gideon gesê: “Jy moet jou pa se bul vat, die bul wat sewe jaar oud is, en dan moet jy die Baäl-altaar van jou pa afbreek en die gewyde paal afkap wat daarby is.

26Jy moet vir My, jou God die Here, ’n altaar bou op die hoogste plek in hierdie stad. Jy moet die klippe van die altaar netjies opmekaar pak. Jy moet die hout van die gewyde paal wat jy afgekap het, gebruik om vuur te maak, en dan moet jy die bul op die altaar offer.”

27Gideon het tien van sy slawe geneem en hy het gedoen wat die Here vir hom gesê het. Hy was bang vir sy pa se familie en vir die mense van die stad, daarom het hy dit in die nag gedoen, nie in die dag nie.

28Die mense van die stad het die volgende oggend vroeg opgestaan. En wat het hulle gesien? Iemand het die Baäl-altaar afgebreek en die gewyde paal afgekap en ’n nuwe altaar gebou en die bul ge-offer.

29Hulle het vir mekaar gevra: “Wie het dit gedoen?” Hulle het gesoek en vir almal gevra, en iemand het gesê: “Joas se seun Gideon het dit gedoen.”

30Toe sê die mense van die stad vir Joas: “Jy moet jou seun bring. Hy moet sterf omdat hy die Baäl-altaar afgebreek het en die gewyde paal afgekap het wat daarby was.”

31Joas sê toe vir almal wat daar by hom staan: “Wil julle vir Baäl beskerm? Wil julle hom red? Die persoon wat vir Baäl wil beskerm, sal môre sterf. As Baäl ’n god is, dan moet hy homself beskerm teen die man wat sy altaar afgebreek het.”

32Joas het daardie dag gesê Gideon se naam is nou Jerub-Baäl, want Baäl moet homself beskerm teen Gideon wat sy altaar afgebreek het.

Gideon maak oorlog teen die Midianiete

33Al die Midianiete en die Amalekiete en die Oosmense het bymekaargekom en oor die Jordaan-rivier gegaan. Hulle het hulle tente opgeslaan in die Jisreël-vallei.

© Bible Society of South Africa.

34Toe het die Gees van die Here in Gideon gekom. Hy het die ramshoring geblaas en die familie Abiëser geroep om saam met hom te kom en hom te help.

35Hy het boodskappers gestuur na die hele Manasse-stam en hy het hulle ook geroep om saam met hom te kom en hom te help. Hy het ook boodskappers gestuur na die Aser-stam en die Sebulon-stam en die Naftali-stam, en hulle het ook na Gideon toe gekom.

36Gideon het vir God gesê: “U het gesê U wil my gebruik om die Israeliete te red.

37Ek sal ’n skaap se wol oopgooi op die dorsvloer. As daar net op die wol dou is en die grond is droog, dan sal ek weet U wil my gebruik om die Israeliete te red, soos U gesê het.”

38Dit het toe gebeur. Toe Gideon die volgende oggend opstaan en die dou uit die wol druk, het daar ’n skottel vol water uit die wol gekom.

39Maar Gideon het vir God gesê: “U moenie kwaad word vir my nie, ek wil nog een maal iets vra, ek wil U nog een maal toets met die wol. U moet die wol droog laat bly, en môre-oggend moet die dou op die grond wees.”

40God het dit daardie nag so gedoen. Die wol was droog, en daar was dou op die grond.

Rigters 7

1Gideon en al die manne by hom het vroeg opgestaan en hulle het hulle tente opgeslaan by die stad En-Garod. Die Midianiete se kamp was by die Waarsêer-hoogte in die vallei, noord van Gideon se kamp.

2Die Here het vir Gideon gesê: “Jy het te veel manne by jou. As ek hulle laat wen teen die Midianiete, dan sal die Israeliete spog en sê hulle het hulleself gered.

3Daarom, jy moet hulle roep en sê elkeen wat bang voel, kan teruggaan huis toe.” Gideon het die manne bymekaargeroep en hy het dit vir hulle gesê. Toe het 22 000 manne teruggegaan huis toe. Daar het 10 000 manne oorgebly.

4Die Here het vir Gideon gesê: “Die manne is nog te veel. Laat hulle afgaan na die water, dan sal Ek hulle daar uitsoek. Ek sal vir jou sê wie mag saamgaan met jou en wie nie.”

5Gideon het toe die manne laat afgaan na die water, en die Here het vir hom gesê: “Party manne sal water skep met hulle hande soos ’n hond water oplek met sy tong. Jy moet hulle apart laat staan, nie by die ander manne wat kniel om water te drink nie.”

6Daar was 300 manne wat die water met hulle hande opgeskep het. Al die ander manne het gekniel om water te drink.

© Bible Society of South Africa.

7Die Here het vir Gideon gesê: “Ek sal julle red met hierdie 300 manne wat die water
met hulle hande geskep het. Ek sal jou laat wen teen die Midianiete. Laat die ander
manne teruggaan, elkeen na sy huis.”

8Gideon het die ander manne laat teruggaan huis toe en hy het die 300 manne by
hom laat bly. Hulle het die padkos en ramshorings by hulle gehou. Die kamp van die
Midianiete was in die vallei, onderkant die kamp van Gideon.

9Daardie nag het die Here vir Gideon gesê: “Jy moet die Midianiete se kamp gaan
aanval, Ek sal jou laat wen teen hulle.

10Maar as jy bang is om hulle aan te val, dan moet jy en Pura, die seun wat by jou is,
eers na die kamp gaan

11en luister na wat hulle praat. Dan sal jy nie meer bang wees om hulle aan te val
nie.” Gideon en Pura het toe afgegaan tot by die kant van die kamp.

12Die manne in die kamp was gereed om oorlog te maak. Daar was baie Midianiete
en Amalekiete en Oosmense in die vallei. Hulle was so baie soos sprinkane. Niemand
kon hulle kamele tel nie, want hulle was so baie soos die sand by die see.

13Toe Gideon by die kamp kom, was ’n man besig om vir sy maat te vertel wat hy
gedroom het. Hy het gesê: “Ek het gedroom ek sien ’n ronde garsbrood wat deur die
kamp rol. Dit het tot teen ons tent gerol en die tent omgestamp. Die tent het geval,
en die brood het bo-oor die tent gerol.”

14Die man se maat sê toe: “Dit beteken die Israeliet, Gideon seun van Joas, kom
oorlog maak teen ons, en God sal hom laat wen teen die Midianiete en hierdie hele
kamp.”

15Toe Gideon hoor van die droom en wat dit beteken, het hy gebuig en hy het die
Here geprys. Hy het teruggegaan na die kamp van die Israeliete, en gesê: “Kom, die
Here sal julle laat wen teen die leër van die Midianiete.”

16Gideon het die 300 manne verdeel in drie groepe, en hy het vir elke man ’n
ramshoring en ’n leë kruik gegee. Daar was ’n fakkel in elke kruik.

17Hy het vir hulle gesê: “Julle moet kyk wat ek doen en dan moet julle dieselfde
doen.

18Ek en almal by my sal die ramshorings blaas, en dan moet julle ook rondom die
Midianiete se kamp julle ramshorings blaas en julle moet skree: ‘Vir die Here en vir
Gideon.’ ”

19Gideon en die 100 manne by hom het by die kamp aangekom toe die middel-
wagbeurt begin het, net nadat die nuwe wagte op hulle plekke kom staan het. Toe
Gideon en die manne by hom die ramshorings blaas en die kruike stukkend slaan,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20het die ander groepe manne ook hulle ramshorings geblaas en hulle kruike stukkend geslaan. Hulle het die fakkels met die linker-hand vasgehou en met die regter-hand het hulle die ramshorings vasgehou waarop hulle geblaas het. Hulle het geskree: “Die Here en Gideon kom oorlog maak!”

21Gideon se manne het rondom die kamp gestaan, elkeen op sy plek. Die mense in die kamp het opgespring en geskree en begin hardloop.

22Toe die manne die 300 ramshorings blaas, het die Midianiete mekaar begin doodmaak. Die Here het hulle dit laat doen. Hulle het gevlug tot by die stad Bet-Sitta naby Serera en tot by die grens van die grond van die stad Abel-Megola by Tabbat.

23Gideon het nog Israeliete laat roep uit die Naftali-stam en die Aser-stam en uit die hele Manasse-stam. Hulle het gekom en hulle het die Midianiete gevolg en gejaag.

24Gideon het ook boodskappers gestuur na al die mense van die Efraim-stam in die berge. Hy het gevra hulle moet die Midianiete vang by al die plekke waar water is, tot by die stad Bet-Bara en die Jordaan-rivier. Hulle het gekom en hulle het dit gedoen.

25Hulle het die twee generaals van die Midianiete gevang. Die generaals se name was Kraai en Wolf. Hulle het vir Kraai doodgemaak by Kraairots, en vir Wolf by die Wolf- parskuip. Nadat hulle klaar die Midianiete gevolg en gejaag het, het hulle Kraai en Wolf se koppe vir Gideon gebring anderkant die Jordaan-rivier.

Rigters 8

1Die mense van die Efraim-stam vra toe vir Gideon: “Hoekom het jy dit met ons gedoen? Hoekom het jy ons nie geroep toe jy gegaan het om teen die Midianiete oorlog te maak nie?” Hulle was baie kwaad vir Gideon.

2Maar hy het vir hulle gesê: “Julle het baie meer gedoen as ek. Die mense van die Efraim-stam het later gekom maar hulle het meer gedoen as die familie Abiëser.

3God het julle gehelp om te wen teen Kraai en Wolf, die generaals van Midian. Julle het baie meer gedoen as wat ek kon doen.” Toe Gideon dit vir die mense van die Efraim-stam sê, was hulle nie meer kwaad nie.

4Gideon het by die Jordaan-rivier aangekom, en hy en die 300 manne het deur die rivier gegaan. Hulle was baie moeg, maar hulle wou die Midianiete nog volg en jaag.

5Gideon vra toe vir die mense van die stad Sukkot: “Gee asseblief brood vir die manne wat by my is. Hulle is baie moeg, en ek is nog besig om vir Sebag en Salmunna, die konings van die Midianiete, te volg en te jaag.”

6Maar die leiers in die stad Sukkot het vir Gideon gesê: “Jy maak of jy al klaar gewen het teen Sebag en Salmunna. Hoekom moet ons vir jou manne brood gee?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Gideon het geantwoord: “Die Here sal my laat wen teen Sebag en Salmunna, en dan sal ek terugkom. Ek sal julle doodmaak en julle vleis stukkend skeur met woestyndorings.”

8Gideon het van Sukkot na die stad Pniël gegaan en hy het vir hulle ook brood gevra, maar die mense van Pniël het hom soos die mense van Sukkot geantwoord.

9Hy het vir die mense van Pniël gesê: “Ek sal terugkom en nog lewe, en dan sal ek hierdie toring afbreek.”

10Sebag en Salmunna was by die stad Karkor, en daar was omtrent 15 000 manne by hulle. Net hierdie manne het oorgebly van al die Oosmense. Daar het toe al 120 000 van hulle manne in die oorlog gesterf.

11Gideon het met die Nomade-pad gegaan oos van die stede Nobag en Jogboha, en hy het die kamp van Sebag en Salmunna aangeval toe hulle dit nie verwag het nie.

12Sebag en Salmunna het gevlug, maar Gideon het hulle gejaag en gevang. Al die ander mense in hulle kamp het so geskrik dat hulle niks kon doen nie.

13Gideon het van die oorlog teruggekom oor die Geres-pas.

14Hy het ’n seun van die Sukkot-mense gevang en hy het vir die seun gevra wie die amptenare en leiers van die stad is. Die seun het vir Gideon die name opgeskryf van 77 amptenare en leiers van die stad.

15Toe het Gideon by die Sukkot-mense gekom en hy het vir hulle gesê: “Julle het my gespot en gesê: ‘Jy maak of jy al klaar gewen het teen Sebag en Salmunna. Hoekom moet ons vir jou manne brood gee?’ Hier is Sebag en Salmunna nou.”

16Gideon het woestyndorings gevat en hy het die leiers van Sukkot daarmee geslaan.

17Hy het ook die toring van Pniël omgegooi en hy het die mans van die stad doodgemaak.

18Daarna het Gideon vir Sebag en Salmunna gevra: “Hoe het die mans gelyk wat julle in Tabor doodgemaak het?” Sebag en Salmunna sê toe: “Hulle het gelyk soos jy. Hulle het gelyk of hulle ’n koning se seuns is.”

19Gideon het gesê: “Hulle was my eie broers. So seker soos die Here lewe, as julle hulle nie doodgemaak het nie, dan sou ek julle nie doodgemaak het nie.”

20Hy sê toe vir sy oudste seun Jeter: “Kom, maak hulle dood.” Maar die jongman het nie sy swaard uitgehaal nie. Hy was bang, want hy was nog jonk.

21Sebag en Salmunna het gesê: “Gideon, jy self moet ons doodmaak, want jy is ’n man en jy is sterk.” Gideon het toe vir Sebag en Salmunna doodgemaak, en hy het die goue kettings om hulle kamele se nekke vir homself gevat.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Die Israeliete het vir Gideon gesê: “Jy moet nou oor ons regeer, jy en jou nageslag
ná jou, want jy het ons gered van die Midianiete.”

23Maar Gideon het vir hulle gesê: “Ek sal nie oor julle regeer nie, en my seun sal ook
nie oor julle regeer nie. Die Here sal oor julle regeer.

24Maar ek wil vir julle iets vra: Julle moet elkeen vir my ’n oor-ring gee van die goed
wat julle van die vyande gevat het.” Die vyande was Ismaeliete en hulle het oor-ringe
gedra.

25Die Israeliete het gesê: “Goed, ons sal gee wat jy vra.” Hulle het toe ’n bo-kleed
oopgegooi en elkeen het daarop ’n oor-ring gegooi van die goed wat hulle van die
vyand gevat het.

26Die goue oor-ringe wat Gideon gekry het, het 1 700 sikkels geweeg. Hy het ook die
juwele en die mooi klere van die konings van Midian gekry, en die kettings wat om
hulle kamele se nekke was.

27Gideon het die goud geneem en hy het ’n beeld daarvan laat maak, en hy het die
beeld in sy stad Ofra neergesit. Al die Israeliete het ontrou geword aan die Here en
die beeld begin aanbid. Gideon en sy familie het dit ook gedoen.

28Die Israeliete het gewen teen die Midianiete, en die Midianiete was nou nie meer
so sterk dat hulle die Israeliete kon aanval nie. Daar was nog 40 jaar lank vrede in die
land, totdat Gideon gesterf het.

29Gideon het in sy huis gaan woon.

30Hy was die pa van 70 seuns, want hy het baie vroue gehad.

31Hy het ook ’n seun gehad by sy byvrou in Sigem, en hy het die seun Abimelek
genoem.

32Gideon was oud toe hy gesterf het. Hulle het hom begrawe in sy pa Joas se graf in
Ofra waar die familie Abiëser gewoon het.

33Nadat Gideon gesterf het, het die Israeliete weer ontrou geword aan die Here en
hulle het die Baäls gedien. Hulle het Baäl-Berit gekies om hulle god te wees.

34Ja, die Israeliete het nie hulle God die Here onthou nie, die God wat hulle gered het
van hulle vyande wat rondom hulle gewoon het.

35Hulle het ook nie al die goeie dinge onthou wat Gideon vir hulle gedoen het nie, en
hulle was nie goed vir sy familie nie.

Rigters 9

Abimelek

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Gideon se seun Abimelek het na die stad Sigem gegaan, na sy ma se broers toe. Hy het met hulle en met die hele familie van sy ma gepraat en gesê:

2"Praat asseblief met die belangrike manne van Sigem en sê vir hulle: 'Wat is vir julle beter: dat Gideon se 70 seuns almal oor julle regeer of dat net een man oor julle regeer?' En onthou ek is een van julle."

3Abimelek se ooms het dit alles vir die manne van Sigem gesê, en hulle het vir Abimelek gekies, want hulle het gesê: "Hy is een van ons."

4Die belangrike manne van Sigem het vir Abimelek 70 stukke silwer gegee uit die tempel van Baäl-Berit, en Abimelek het dit gebruik om mense te huur om hom te help. Dit was mense wat nie ander werk gehad het nie.

5Abimelek het na sy pa se huis in Ofra gegaan en daar het hy sy broers, die 70 seuns van Gideon, vermoor, almal op een klip. Net Gideon se jongste seun Jotam het oorgebly, want hy het weggekruip.

6Die manne van Sigem en almal van Bet-Millo het toe bymekaargekom en hulle het gegaan om vir Abimelek koning te maak onder die groot boom by die klip-paal van Sigem.

7Iemand het dit vir Jotam vertel. Hy het toe bo-op die Gerisim-berg gaan staan en hy het hard geskree en gesê: "Manne van Sigem, julle moet hoor wat ek sê, dan sal God hoor wat julle sê.

8Eendag wou die bome vir hulle 'n koning gaan salf. Hulle het vir die olyfboom gesê: 'Jy moet ons koning wees.'

9Maar die olyfboom het vir hulle gesê: 'Die mense gebruik my olie om gode en mense te eer. Moet ek ophou olie gee om oor die bome te regeer? Nee, ek wil nie.'

10Toe sê die bome vir die vyeboom: 'Dan moet jy ons koning kom wees.'

11Maar die vyeboom het vir hulle gesê: 'Ek dra baie vrugte, en my vrugte is lekker soet. Moet ek ophou vrugte dra om oor die bome te regeer? Nee, ek wil nie.'

12Toe sê die bome vir die wingerdstok: 'Dan moet jy ons koning kom wees.'

13Maar die wingerdstok het vir hulle gesê: 'My wyn maak gode en mense bly. Moet ek ophou druiwe dra om oor die bome te regeer? Nee, ek wil nie.'

14Toe sê al die bome vir die doringbos: 'Dan moet jy ons koning kom wees.'

15Die doringbos het vir die bome gesê: 'As julle regtig wil hê ek moet julle koning wees, dan moet julle in my skaduwee kom staan, en as julle dit nie doen nie, dan sal daar 'n vuur uit die doringbos kom en die vuur sal die sederbome van die Libanon-berg verbrand.'

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16“En nou, manne van Sigem, julle het nie goed gedoen aan Gideon se familie nie. Julle het nie onthou wat hy vir julle gedoen het nie, julle was ontrou aan hom. Julle het vir Abimelek gekies en julle het hom koning gemaak.

17My pa het oorlog gemaak sodat julle kan lewe. Hy was nie bang om te sterf nie. Hy het julle gered van die Midianiete.

18Maar julle is vandag opstandig teen my pa se familie, en julle het sy 70 seuns vermoor, almal op een klip. Julle het Abimelek, die seun van my pa se slavin, julle koning gemaak omdat hy familie is van julle.

19Julle was ontrou aan Gideon en sy familie. Nou moet julle en Abimelek gelukkig wees met mekaar.

20As julle dit nie doen nie, dan sal Abimelek ’n vuur wees wat die manne van Sigem en Bet-Millo verbrand, en die manne van Sigem en Bet-Millo sal ’n vuur wees wat vir Abimelek verbrand.”

21Jotam het toe weggehardloop en gevlug. Hy het in die stad Beër gaan woon, want hy was bang sy broer Abimelek maak hom dood.

22In die derde jaar nadat Abimelek oor die Israeliete begin regeer het,

23het die Here ’n bose gees gestuur om Abimelek en die manne van Sigem vyande van mekaar te maak. Die manne van Sigem het ontrou geword aan Abimelek.

24Die Here wou Abimelek straf omdat hy sy broers, die 70 seuns van Gideon, vermoor het. Die Here wou ook die manne van Sigem straf omdat hulle vir Abimelek gehelp het om sy broers te vermoor.

25Die manne van Sigem het in die berge gaan lê en wag vir mense wat op die pad verbykom, en dan het hulle die mense se goed gevat. Mense het dit vir Abimelek vertel.

26Toe het Gaäl seun van Ebed in Sigem aangekom, hy en sy broers. Die manne van Sigem het gedink hy sal hulle kan help.

27Eendag het Gaäl en sy broers uit die stad gegaan. Hulle het druiwe gepluk en wyn gemaak. Toe het hulle feesgevier. Hulle het in die tempel van hulle god geëet en gedrink en gesê Abimelek beteken niks.

28Gaäl seun van Ebed het gesê: “Wie is Abimelek? Hoekom moet die mense van Sigem hom dien? Abimelek is die seun van Gideon, en hy en sy goewerneur Sebul het die mense van Sigem gedien toe Sigem se pa Gamor nog gelewe het. Hoekom moet ons nou vir Abimelek dien?

29Wanneer ek oor hierdie mense regeer, dan sal ek vir Abimelek wegjaag. Ek sê vir Abimelek: Jy kan baie manne saambring, jy kan kom, ek is nie bang nie.”

© Bible Society of South Africa.

30 Toe Sebul, die goewerneur van Sigem, hoor wat Gaäl sê, was hy baie kwaad.

31 Abimelek was by die stad Torma, en Sebul het boodskappers na Abimelek toe gestuur. Hulle het vir Abimelek gesê: “Jy moet weet, Gaäl seun van Ebed het na Sigem gekom, hy en sy broers is besig om die mense van die stad opstandig te maak teen jou.

32 Jy moet nou iets doen, jy en jou manne moet vannag kom en julle moet in die veld lê en wag.

33 En môre-oggend wanneer die son opkom, moet julle opstaan en na die stad hardloop. Dan sal Gaäl en sy manne uitkom, en dan kan jy met hom doen wat jy wil.”

34 Abimelek en al sy manne het toe in die nag gekom en hulle het buite Sigem gelê en wag. Hulle was in vier groepe.

35 Toe Gaäl die oggend voor die poort van die stad gaan staan, het Abimelek en die manne wat by hom was, opgestaan.

36 Gaäl het hulle gesien en hy het vir Sebul gesê: “Kyk, daar kom mense bo van die berg af.” Maar Sebul het vir hom gesê: “Nee, jy sien die skaduwees in die berge en jy dink dit is mense.”

37 Maar toe sê Gaäl weer: “Kyk, daar kom mense van die middel van die land af, en daar kom mense op die pad van die Waarsêer-boom af.”

38 Sebul het vir Gaäl gesê: “Jy het gister baie gespog. Waar is jou groot mond nou? Jy het gesê: ‘Wie is Abimelek? Hoekom moet ons hom dien?’ Hier is die mense nou, jy het gesê hulle beteken niks. Gaan maak nou oorlog teen Abimelek.”

39 Gaäl en die manne van Sigem het toe gaan oorlog maak teen Abimelek.

40 Maar Abimelek se manne was te veel, en Gaäl het gevlug. Abimelek en sy manne het baie van Gaäl se manne doodgemaak voordat hulle kon inkom by die poort van die stad.

41 Abimelek het in die stad Aruma gebly, en Sebul het vir Gaäl en sy broers weggejaag uit Sigem.

42 Die volgende oggend het die mense van Sigem uit die stad na die veld gegaan. Abimelek het dit gehoor.

43 Hy het sy manne in drie groepe verdeel en hy het hulle in die veld laat lê en wag. Toe hy sien die mense het uit die stad gekom, het hy hulle begin doodmaak.

44 Hyself en die manne wat by hom was, het vorentoe gehardloop en voor die poort van die stad gaan staan. Die ander twee groepe het al die mense in die veld begin doodmaak.

© Bible Society of South Africa.

45Abimelek het daardie hele dag oorlog gemaak teen die mense in die stad. Hy het die stad oorwin, die mense doodgemaak en die mure afgebreek. Toe het hy sout oor die stad gesaai.

46Die mense van die Sigem-toring het gaan wegkruip toe hulle hoor daar is oorlog in die stad. Hulle het weggekruip in ’n kelder by die tempel van El-Berit.

47Abimelek het gehoor al die mense van die Sigem-toring is daar bymekaar.

48Hy en al sy manne het toe teen Salmon-berg opgeklim. Hy het ’n byl gevat en ’n tak van ’n boom afgekap en die tak op sy skouer gesit. Toe sê hy vir sy manne: “Julle moet dieselfde doen, doen dit gou.”

49Al die manne het takke afgekap. Hulle het agter Abimelek geloop en hulle het die takke op die kelder gesit. Toe steek hulle die takke op die kelder aan die brand bo-oor die mense van die Sigem-toring, en so het al die mense van die Sigem-toring gesterf. Dit was omtrent 1 000 mans en vroue.

50Abimelek het na die stad Tebes gegaan. Hy het die stad van al die kante aangeval en hy het dit oorwin.

51Binne-in die stad was ’n sterk toring, en al die mans en vroue het daarnatoe gevlug, ook die belangrike mense van die stad. Hulle het die deur gesluit en op die toring se dak geklim.

52Abimelek het by die toring gekom en hy wou oorlog maak teen die mense in die toring. Toe hy nader kom na die deur om dit aan die brand te steek,

53het ’n vrou ’n maalklip afgegooi op Abimelek se kop, en die klip het sy kopbeen laat bars.

54Hy roep toe dadelik die seun wat sy wapens dra, en sê vir hom: “Vat jou swaard en maak my dood. Ek wil nie hê dat die mense sal sê ’n vrou het my doodgemaak nie.” Die seun het Abimelek doodgesteek,

55en toe die Israeliete sien Abimelek is dood, het elkeen teruggegaan na sy huis.

56So het die Here vir Abimelek gestraf omdat hy sy broers doodgemaak het en so verkeerd gedoen het teen sy pa.

57Die Here het ook die belangrike mense van Sigem gestraf oor wat hulle gedoen het. So het gebeur wat Jotam oor hulle gesê het.

Rigters 10

Tola

1Ná Abimelek het Tola die Israeliete gered. Hy was die seun van Pua, seun van Dodo, van die Issaskar-stam, en hy het gewoon in die stad Samir in die Efraim-berge.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2Hy was 23 jaar lank die leier van die Israeliete. Hy het gesterf, en hulle het hom in Samir begrawe.

Jaïr

3Ná Tola was Jaïr van Gilead 22 jaar lank die leier van die Israeliete.

4Hy het 30 seuns gehad wat op 30 donkies gery het. Hulle het 30 stede gehad, en die mense noem die stede vandag nog die Jaïr-kampe. Die kampe is in die land Gilead.

5Jaïr het gesterf, en hulle het hom begrawe in die stad Kamon.

Jefta

6Die Israeliete het weer dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hulle het die Baäls en die Astartes gedien en ook die gode van die Arameërs, die Sidoniërs, die Moabiete, die Ammoniete en die Filistyne. Hulle het opgehou om die Here te dien.

7Die Here het toe kwaad geword vir die Israeliete. Hy het die Filistyne en die Ammoniete gestuur om die Israeliete te oorwin.

8Die Filistyne en Ammoniete het die Israeliete in dieselfde jaar oorwin en hulle het wrede dinge gedoen aan die Israeliete. Hulle het die Israeliete 18 jaar lank verdruk, die Israeliete wat anderkant die Jordaan-rivier gewoon het, in die land van die Amoriete, in Gilead.

9Die Ammoniete het ook oor die Jordaan-rivier gekom om oorlog te maak teen die stamme van Juda en Benjamin en Efraim. Die Israeliete het baie swaar gekry

10en hulle het gebid en gevra dat die Here hulle moet help. Hulle het gesê: “Ons het sonde gedoen teen U, ja, ons het opgehou om ons God te dien en ons het die Baäls gedien.”

11Maar die Here het vir die Israeliete gesê: “Toe die Egiptenaars of die Amoriete julle verdruk het, of die Ammoniete of die Filistyne

12of die mense van Sidon of die Amalekiete of die mense van Maon, toe het julle gevra Ek moet julle help en toe het Ek julle gered.

13Maar julle het elke maal opgehou om My te dien en julle het ander gode gedien. Daarom wil Ek julle nie weer red nie.

14Gaan bid tot die gode, julle het hulle gekies. Vra vir hulle om julle te red wanneer julle swaarkry.”

15Die Israeliete het vir die Here gesê: “Ons het sonde gedoen. U kan met ons doen wat U wil doen, maar red ons asseblief vandag.”

16Die Israeliete het toe die gode van ander volke weggegooi en die Israeliete het die Here gedien. Die Here was weer vir hulle jammer omdat hulle so swaar kry.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Die Ammoniete het hulle manne bymekaargeroep en hulle het in Gilead hulle tente opgeslaan. Die Israeliete het ook bymekaargekom en hulle tente opgeslaan in Mispa.

18Die leiers van die Israeliete in die land Gilead het vir mekaar gesê: “Ons moet iemand kry wat sal begin om teen die Ammoniete oorlog te maak. Hy moet die hoof word van al die mense wat in Gilead woon.”

Rigters 11

1Daar was ’n man in Gilead, sy naam was Jefta. Hy was iemand wat goed oorlog kon maak, maar hy was die seun van ’n prostituut. Sy pa se naam was Gilead.

2Gilead se vrou het ook kinders gekry, en toe haar kinders groot was, het hulle vir Jefta weggejaag. Hulle het vir hom gesê: “Jy is ’n ander vrou se kind, jy kan nie saam met ons van pa se goed erf nie.”

3Jefta het toe weggegaan van sy broers en hy het in die land Tob gaan woon. Mense wat nie grond of werk gehad het nie, het by Jefta gaan woon en hulle het oral saam met hom gegaan.

4Toe die Ammoniete later weer kom oorlog maak teen die Israeliete,

5het die leiers van die Gilead-mense vir Jefta gaan haal in die land Tob.

6Hulle het vir Jefta gesê: “Kom, jy moet ons leier wees, ons wil oorlog maak teen die Ammoniete.”

7Maar Jefta het vir die leiers van die Gilead-mense gesê: “Dit is júlle wat nie van my gehou het nie, julle het my weggejaag uit my pa se huis. Hoekom kom julle nou na my toe as dit sleg gaan met julle?”

8Die leiers van die Gilead-mense het vir Jefta gesê: “Dit is waar wat jy sê, maar ons het nou na jou toe gekom om te vra jy moet saam met ons gaan en oorlog maak teen die Ammoniete. As jy dit doen, dan sal jy die hoof word van al die mense wat in Gilead woon.”

9Toe sê Jefta vir die leiers van die Gilead-mense: “Goed, as julle wil hê ek moet terugkom om oorlog te maak teen die Ammoniete, en die Here laat my wen teen hulle, dan sal ek julle hoof wees.”

10Die leiers van die Gilead-mense het vir Jefta gesê: “Die Here hoor wat ons sê, Hy is die getuie. Ons sal doen wat jy sê.”

11Jefta het saam met die leiers van die Gilead-mense gegaan, en die manne het hom hulle hoof en leier gemaak. Jefta het in die tempel in Mispa belowe hy sal hulle leier wees.

© Bible Society of South Africa.

12Daarna het hy boodskappers gestuur na die koning van die Ammoniete om vir hom te vra: “Wat is die probleem tussen ons? Hoekom het jy gekom om oorlog te maak in my land?”

13Die koning van die Ammoniete het vir Jefta se boodskappers gesê: “Sê vir Jefta: Ek het gekom om oorlog te maak omdat die Israeliete my land gevat het toe hulle uit Egipte gekom het. Dit is die grond tussen die Arnon-rivier en die Jabbok-rivier tot teen die Jordaan-rivier. Gee die grond terug, dan sal daar vrede wees tussen ons.”

14Jefta het weer boodskappers gestuur na die koning van die Ammoniete

15en vir hom gesê: “Die Israeliete het nie die land van die Moabiete en die land van die Ammoniete gevat nie.

16Wat gebeur het, is dit: Toe die Israeliete uit Egipte gekom het, het hulle deur die woestyn gegaan tot by die Riet-see en toe het hulle by die stad Kades gekom.

17Die Israeliete het boodskappers gestuur na die koning van Edom en hulle het vir hom gevra: ‘Laat ons asseblief deur jou land gaan.’ Maar die koning van Edom wou nie hê hulle moet deur sy land gaan nie. Hulle het ook vir die koning van Moab ’n boodskap gestuur, maar hy wou ook nie hê hulle moet deur sy land gaan nie. Die Israeliete het toe in Kades gebly,

18en daarna het hulle om die land Edom en om die land Moab gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan oos van die land Moab, anderkant die Arnon-rivier. Hulle het nie oor die grens van die land Moab gegaan nie, want die Arnon-rivier was die grens.

19Die Israeliete het toe boodskappers gestuur na Sihon, die koning van die Amoriete in die stad Gesbon, en hulle het vir hom gevra: ‘Laat ons asseblief deur jou land gaan na ons eie plek toe.’

20Maar Sihon het nie die Israeliete vertrou nie. Hy wou hulle nie deur sy land laat gaan nie. Hy het al sy manne bymekaargemaak en hulle het hulle tente opgeslaan by die stad Jahas. Toe het hulle begin oorlog maak teen die Israeliete.

21Die Here, die God van Israel, het die Israeliete laat wen teen Sihon en al sy manne. Die Israeliete het hulle oorwin en hulle het die hele land gevat van die Amoriete wat toe daar gewoon het.

22Hulle het die hele land van die Amoriete gevat, van die Arnon-rivier tot by die Jabbok-rivier, van die woestyn tot by die Jordaan-rivier.

23Verstaan jy? Dit is die Here, die God van Israel, wat die Amoriete oorwin en weggejaag het voor sy volk, die Israeliete. Hoekom wil jy nou die Israeliete wegjaag?

24Jy kan alles vat wat jou god Kemos vir jou gee, en ons sal vat wat ons God die Here vir ons gee.

© Bible Society of South Africa.

25Jy is nie beter as Balak seun van Sippor nie, Balak die koning van die Moabiete. Hy
het nie die Israeliete beskuldig nie en hy het nie oorlog gemaak teen hulle nie.

26Die Israeliete woon 300 jaar lank in die stad Gesbon en die klein dorpies daar naby,
in die stad Aroër en die klein dorpies daar naby, en in al die stede langs die Arnon-
rivier. Hoekom het julle nie in daardie tyd die stede en die plekke probeer terugvat
nie?

27Dit is nie óns wat verkeerd gedoen het teen julle nie, dit is júlle wat verkeerd
gedoen het teen ons, júlle het begin oorlog maak teen ons. Ek weet die Here sal
vandag sê wie het reg gedoen, ons of julle."

28Die koning van die Ammoniete wou nie doen wat Jefta vir hom gevra het nie.

29Toe het die Gees van die Here in Jefta gekom, en Jefta het deur Gilead en Manasse
gegaan tot by die stad Mispa in Gilead, en van daar het hy na die Ammoniete toe
gegaan.

30Jefta het vir die Here belowe en gesê: "As U my laat wen teen die Ammoniete, en
ek lewe nog en ek kom terug by my huis,

31dan sal die eerste persoon wat by my huis se deur uitkom, aan U behoort. Ek sal
hom vir U gee, en hy sal my brand-offer wees."

32Daarna het Jefta na die Ammoniete toe gegaan om oorlog te maak teen hulle, en
die Here het hom laat wen teen die Ammoniete.

33Jefta het die Ammoniete oorwin, dit was 20 stede van Aroër tot by Minnit en tot by
Abel-Keramim. Jefta het ver gewen. Die Israeliete het die Ammoniete verneder.

34Toe Jefta terugkom by sy huis in Mispa, was dit sy eie dogter wat eerste uitgekom
het om hom te ontmoet. Sy het 'n tamboeryn gespeel en gedans. Hierdie dogter was
sy enigste kind.

35En toe Jefta haar sien, het hy sy klere geskeur en hy het gesê: "My kind, ek is baie
hartseer. Jy het 'n slegte ding met my laat gebeur, want ek het vir die Here belowe
dat die eerste persoon wat by my huis se deur uitkom om my te ontmoet, aan Hom
sal behoort, en nou moet ek doen wat ek belowe het."

36Sy dogter het vir hom gesê: "Pa, jy het belowe om my vir die Here te gee, en die
Here het jou gehelp om jou vyande, die Ammoniete, te straf. Nou moet jy met my
doen wat jy belowe het."

37Sy het ook vir haar pa gesê: "Ek vra net een ding: Los my twee maande lank sodat
ek en my vriendinne na die berge kan gaan. Ons wil daar gaan huil omdat ek moet
sterf, ek wat 'n jongmeisie is."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

38Jefta het vir haar gesê: “Goed, jy mag gaan.” Hy het haar laat gaan vir die twee maande, en sy en haar vriendinne het in die berge gaan huil omdat sy moes sterf, sy wat ’n jongmeisie was.

39Toe die twee maande verby was, het sy teruggekom na haar pa toe. En hy het met haar gedoen soos hy vir die Here belowe het. Sy het nooit by ’n man geslaap nie.

40Van toe af het die Israelitiese dogters elke jaar vier dae lank gaan huil en treur oor die dogter van Jefta, die Gilead-man.

Rigters 12

1Die Efraim-mense het manne bymekaargeroep en hulle het oor die Jordaan-rivier gegaan tot by die stad Safon. Hulle het vir Jefta gesê: “Hoekom het jy gaan oorlog maak maar jy het ons nie gevra om saam met jou te gaan nie? Nou wil ons jou en jou familie in jou huis verbrand.”

2Jefta het vir hulle gesê: “Ek en my manne moes oorlog maak teen die Ammoniete, en dit was nie vir ons maklik nie. Ek hét gevra julle moet help, maar julle het my nie kom red van die Ammoniete nie.

3Toe ek sien julle wil nie help nie, het ek en my manne alleen na die Ammoniete toe gegaan. Ek het geweet hulle sal my miskien doodmaak. Maar die Here het my laat wen teen hulle. Hoekom het julle vandag teen my kom oorlog maak?”

4Jefta het al die Gilead-mense bymekaargemaak en hulle het oorlog gemaak teen die Efraim-mense, en hulle het die Efraim-mense oorwin. Die Efraim-mense het altyd gesê: “Julle Gilead-mense is mense wat weggeloop het van die Efraim-mense, en julle woon in ’n land wat behoort aan die Efraim-mense en die Manasse-mense.”

5Die Gilead-mense het by die driwwe in die Jordaan-rivier gaan wag vir die Efraim-mense wat wou teruggaan. Wanneer een van die Efraim-mense wat gevlug het uit die oorlog, daar kom en hy sê hy wil oor die rivier gaan, dan het die Gilead-mense vir hom gevra: “Is jy van die Efraim-mense?” en as hy sê: “Nee,”

6dan het hulle vir hom gesê: “Sê: Sjibbolet.” As hy dan verkeerd praat en sê: “Sibbolet,” dan het hulle hom gegryp en hulle het hom daar by die Jordaan-rivier doodgemaak. Daar het 42 000 Efraim-mense in daardie tyd gesterf.

7Jefta, die man uit Gilead, was ses jaar lank die leier van die Israeliete, en toe het hy gesterf. Sy mense het hom begrawe in sy stad in Gilead.

Ibsan

8Ná Jefta was Ibsan die leier van die Israeliete. Hy was ’n man van die stad Betlehem.

9Hy het 30 seuns en 30 dogters gehad. Hy het sy 30 dogters laat trou met mans wat nie aan sy stam behoort het nie, en hy het sy seuns laat trou met meisies wat nie aan sy stam behoort het nie. Hy was sewe jaar lank die leier van die Israeliete.

© Bible Society of South Africa.

10 Ibsan het gesterf, en sy mense het hom begrawe in Betlehem.

Elon

11 Ná Ibsan was Elon die leier van die Israeliete. Hy was ’n man van die Sebulon-stam,
en hy was tien jaar lank die leier van die Israeliete.
12 Elon het gesterf, en sy mense het hom begrawe in die stad Ajalon in die land
Sebulon.

Abdon

13 Ná Elon was Abdon seun van Hillel die leier van die Israeliete. Hy was ’n man van
die stad Piraton.

14 Hy het 40 seuns en 30 kleinseuns gehad, en hulle het op 70 donkies gery. Abdon
was ag jaar lank die leier van die Israeliete.

15 Hy het gesterf, en sy mense het hom begrawe in die stad Piraton in die land Efraim,
op die Amalekiete-berg.

Rigters 13

Simson word gebore

1 Die Israeliete het weer dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, en die Here het
die Filistyne gehelp om die Israeliete 40 jaar lank te verdruk.

2 Daar was ’n man in Sora, sy naam was Manoag en hy was van die nageslag van Dan.
Manoag se vrou kon nie kinders kry nie.

3 Die Engel van die Here het na die vrou toe gekom en vir haar gesê: “Jy kon nie
kinders kry nie, maar jy sal nou swanger word en jy sal ’n seun kry.

4 Maar nou moet jy oppas, jy moenie wyn of bier drink nie en jy moenie iets eet
wat onrein is nie.

5 Ja, jy is swanger en jy sal ’n seun kry, en hy moenie sy hare laat afskeer nie, want hy
sal ’n nasireër van God wees vandat hy gebore is. En dit is hy wat sal begin om die
Israeliete te red van die Filistyne.”

6 Die vrou het na haar man toe gegaan en vir hom gesê: “Iemand van God het na my
toe gekom. Hy het gelyk soos ’n engel van God, en ek het baie bang geword. Ek het
hom nie gevra van waar hy kom nie, en hy het nie vir my gesê wie hy is nie.

7 Hy het vir my gesê: ‘Jy is swanger en jy sal ’n seun kry, maar nou mag jy nie wyn of
bier drink nie en jy moenie iets eet wat onrein is nie, want die seun sal ’n nasireër
van God wees vandat hy gebore word totdat hy sterf.’ ”

8 Manoag het gebid en vir die Here gevra: “Asseblief, Here, laat daardie man wat U
gestuur het, weer na ons toe kom. Hy moet vir ons leer wat ons moet doen met die
seun wat gebore sal word.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9God het gedoen wat Manoag gevra het. Die Engel van God het weer na die vrou toe gekom. Sy het in die veld gesit en haar man Manoag was nie by haar nie.

10Die vrou het vinnig na haar man toe gehardloop en vir hom gesê: “Die man wat na my toe gekom het, het nou weer gekom.”

11Manoag het saam met sy vrou gegaan. Toe hy by die man kom, het hy vir die man gevra: “Is jy die man wat met my vrou gepraat het?” En die Engel het gesê: “Ja, Ek is.”

12Toe vra Manoag: “Wanneer die seun gebore word, hoe moet hy lewe en wat moet hy doen?”

13Die Engel van die Here het vir Manoag gesê: “Jou vrou moet oppas en sy moet alles doen wat Ek vir haar gesê het.

14Sy moet niks eet wat uit die wingerd kom nie, sy moenie wyn of bier drink nie en sy moenie iets eet wat onrein is nie. Sy moet alles doen wat Ek vir haar gesê het.”

15Manoag sê toe vir die Engel van die Here: “Jy moet asseblief by ons bly, net ’n kort tydjie. Ons wil vir jou ’n bokkie gereedmaak om te eet.”

16Die Engel van die Here het vir Manoag gesê: “Ek sal ’n kort tydjie bly as jy dit wil hê, maar Ek sal nie iets eet nie. Maar as jy vir die Here ’n brand-offer wil gereedmaak, dan kan jy dit doen.” Dit was die Engel van die Here, maar Manoag het dit nie geweet nie.

17Manoag het vir die Engel van die Here gevra: “Wat is jou Naam, want wanneer die dinge gebeur wat jy gesê het, dan wil ons jou eer.”

18Toe sê die Engel van die Here vir hom: “Hoekom vra jy wat my Naam is? Jy sal nie my Naam verstaan nie.”

19Manoag het die bokkie en ’n koring-offer geneem en hy het dit op die rots neergesit. Dit was ’n offer vir die Here. En toe het die Here ’n wonderwerk laat gebeur. Manoag en sy vrou het dit gesien.

20Die vlam het van die altaar opgegaan in die lug, en die Engel van die Here het ook in die vlam opgegaan. Manoag en sy vrou het dit gesien, en hulle het laag gebuig, hulle gesigte was teen die grond.

21Die Engel van die Here het nie weer na Manoag en sy vrou toe gekom nie. Maar Manoag het toe geweet dit was die Engel van die Here.

22Daarom het Manoag vir sy vrou gesê: “Ons sal sterf, dit is seker, want ons het God gesien.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Maar sy vrou het vir hom gesê: “Nee, die Here wil ons nie laat sterf nie, want Hy het ons brand-offer en ons koring-offer aanvaar. Hy het ook vir ons al hierdie dinge laat sien en laat hoor. Hy sou dit nie gedoen het as Hy ons wou laat sterf nie.”

24Die vrou het ’n seun gekry en sy het hom Simson genoem. Hy het grootgeword en die Here het hom geseën.

25Die Gees van die Here het in Simson begin werk toe hy in Magane-Dan was, tussen Sora en Estaol.

Rigters 14

Simson en die vrou in Timna

1Eendag het Simson na die stad Timna gegaan en daar het hy ’n vrou gesien. Sy was ’n Filistynse meisie.

2Toe hy terugkom, het hy vir sy ouers vertel van haar. Hy het gesê: “Ek het in Timna ’n vrou gesien, ’n Filistynse meisie. Nou wil ek hê julle moet met haar ouers gaan praat, want ek wil met haar trou.”

3Simson se pa en ma het vir hom gesê: “Is daar nie by jou eie mense en in ons hele volk ’n vrou vir jou nie? Hoekom wil jy ’n vrou gaan haal by die Filistyne? Hulle is nie die Here se mense nie.” Maar Simson het vir sy pa gesê: “Sy is die vrou wat julle vir my moet kry, want ek hou van haar.”

4Dit is die Here wat dit laat gebeur het, maar Simson se ouers het dit nie geweet nie. Die Here wou die Filistyne straf. Hulle het in daardie tyd oor die Israeliete regeer.

5Simson en sy ouers het na Timna gegaan, en toe hulle by die wingerde van Timna kom, was daar ’n leeu wat gebrul het en wat vir Simson wou vang.

6Maar die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak, en Simson het die leeu met sy kaal hande doodgemaak, so maklik soos ’n mens ’n bokkie doodmaak. Hy het nie vir sy ouers daarvan vertel nie.

7Simson het met die vrou gaan praat, en hy het van haar gehou.

8Later het Simson teruggegaan na Timna om met die vrou te trou. Hy het langs die pad gestop om te kyk na die geraamte van die leeu. Daar was ’n swerm bye binne-in die geraamte, en daar was heuning.

9Hy het die heuning in sy hand gekrap en hy het geloop en daarvan geëet. Toe hy by sy ouers kom, het hy vir hulle ook heuning gegee, en hulle het geëet. Hy het die heuning uit die leeu se geraamte gehaal, maar hy het dit nie vir sy ouers vertel nie.

10Hulle het by die vrou se familie aangekom, en Simson het daar ’n fees gehou. Jongmanne wat trou, het altyd so ’n fees gehou.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Toe die Filistyne vir Simson sien, het hulle 30 mans gekies om by hom te bly totdat die fees klaar is.

12Simson het vir die mans gesê: “Ek wil vir julle ’n raaisel vra. Julle moet probeer uitvind wat die antwoord is, en as julle dit vir my kan sê voor die sewe dae van die fees verby is, dan sal ek vir julle elkeen ’n onderkleed en ’n mooi oorkleed gee.

13Maar as julle nie vir my die antwoord kan sê nie, dan moet julle elkeen vir my ’n onderkleed en ’n mooi oorkleed gee.” Die mans het vir Simson gesê: “Goed, vra vir ons die raaisel. Ons wil dit hoor.”

14Simson sê toe vir hulle: “Uit die een wat eet, kom iets wat jy kan eet, uit die een wat sterk is, kom iets wat soet is.” Die mans kon ná drie dae nog nie die antwoord van die raaisel vir Simson sê nie.

15Op die sewende dag het hulle vir Simson se vrou gesê: “Jy moet vir jou man vra wat die antwoord is en jy moet dit vir ons sê. As jy dit nie doen nie, dan sal ons jou en jou pa se familie verbrand. Het julle ons genooi om na die fees te kom sodat ons arm moet word? Ja of nee?”

16Simson se vrou het toe by hom gehuil en gesê: “Jy haat my, jy is nie lief vir my nie. Jy vra vir my mense ’n raaisel, maar jy sê nie vir my die antwoord nie.” Simson het vir haar gesê: “Ek het ook nie vir my ouers die antwoord gesê nie. Hoekom moet ek dit vir jou sê?”

17Sy het aangehou huil by hom, al die dae terwyl hulle feesgevier het, en op die sewende dag het hy vir haar die antwoord gesê, want sy het nie opgehou vra nie. Sy het toe die antwoord vir haar mense gesê.

18Voor die son op die sewende dag ondergegaan het, het die mense van die stad vir Simson gesê: “Wat is soeter as heuning, wat is sterker as ’n leeu?” Simson het vir hulle gesê: “Julle het die antwoord by my vrou gekry. Julle sou dit nooit self gekry het nie.”

19Die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak. Simson het na die stad Askelon gegaan en daar het hy 30 mans doodgeslaan. Hy het hulle klere uitgetrek en die mooi oor-klere vir die mans gegee wat die antwoord van die raaisel vir hom gesê het. Hy was baie kwaad en hy het teruggegaan na sy pa se huis.

20Simson se vrou het toe getrou met een van die mans wat op die fees saam met Simson was.

Rigters 15

1Later, toe die mense begin koring sny, het Simson ’n bokkie geneem en na sy vrou toe teruggegaan. Hy het vir haar pa gesê: “Ek wil na my vrou toe gaan in haar kamer.” Maar haar pa wou hom nie laat ingaan nie.

© Bible Society of South Africa.

2Hy het gesê: “Ek het gedink jy wil haar nie meer hê nie, en ek het haar vir een van
die mans gegee wat op die fees saam met jou was. Maar haar jonger suster is mooier
as sy. Jy mag met haar trou.”

3Simson het gesê: “Ek sal die Filistyne laat swaarkry oor hierdie ding, en dit sal nie my
skuld wees nie.”

4Toe het Simson 300 jakkalse gevang. Hy het elke maal twee jakkalse gevat, en hy
het hulle sterte aan mekaar vasgemaak en hy het ’n fakkel tussen die sterte
vasgemaak.

5Hy het al die fakkels aan die brand gesteek en die jakkalse in die koringlande van die
Filistyne ingejaag. Alles het verbrand: die koring-gerwe, die koring op die land,
die wingerde en die olyfbome.

6Die Filistyne het gevra: “Wie het dit gedoen?” en die mense het gesê: “Simson, die
skoonseun van die man in Timna. Hy het dit gedoen omdat sy skoonpa sy vrou gegee
het vir een van die mans wat saam met hom was op die fees.” Toe gaan die Filistyne
en hulle verbrand die vrou en haar pa.

7Simson het vir hulle gesê: “Julle het nou dit gedoen, daarom sal ek nie ophou
voordat ek julle genoeg gestraf het nie.”

8Simson het toe baie Filistyne doodgeslaan. Daarna het hy in die berge gaan woon, in
die Etam-kloof.

Simson slaan 1 000 Filistyne dood

9Die Filistyne het hulle tente gaan opslaan in die land Juda en hulle het tot by die
stad Legi gekom.

10Die mense van Juda het vir die Filistyne gevra: “Hoekom wil julle oorlog maak teen
ons?” Die Filistyne het gesê: “Ons het gekom om Simson te vang. Ons wil aan hom
doen wat hy aan ons gedoen het.”

11Toe het 3 000 mans van Juda na die Etam-kloof gegaan en vir Simson gesê: “Jy
weet die Filistyne regeer oor ons. Hoekom het jy vir ons probleme gebring?” Simson
het vir hulle gesê: “Ek het aan die Filistyne gedoen wat hulle aan my gedoen het.”

12Hulle sê toe vir Simson: “Ons het gekom om jou vas te bind en om jou vir die
Filistyne te gee.” Simson het vir hulle gesê: “Julle moet eers belowe julle sal my nie
aanval nie.”

13Hulle het gesê: “Nee, ons wil jou nie doodmaak nie, maar ons wil jou styf vasbind
en jou vir die Filistyne gee.” Hulle het hom met twee nuwe toue vasgebind en hulle
het hom uit die kloof gebring.

14Toe hulle met Simson by Legi kom, het die Filistyne geskree en gekom om hom aan
te val. Maar die Gees van die Here het Simson sterk gemaak. Hy het die toue maklik

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

gebreek waarmee hulle hom vasgebind het. Die toue het so maklik gebreek soos garing wat brand en dit het afgeval van sy arms.

15Simson het die kakebeen van ’n donkie gesien en hy het dit gegryp. Die kakebeen was nog nie droog nie, want die donkie was nog nie lank dood nie. Simson het 1 000 Filistyne met die kakebeen doodgeslaan.

16Daarna het Simson gesê: “Met die kakebeen van ’n donkie het ek baie van hulle opmekaar laat val, met die kakebeen van ’n donkie het ek 1 000 manne doodgeslaan.”

17Toe Simson dit klaar gesê het, het hy die kakebeen weggegooi en hy het die plek “Kakebeen-hoogte” genoem.

18Hy was baie dors en hy het tot die Here gebid en gevra: “U het my, u dienaar, laat wen. Wil U nou hê ek moet sterf omdat ek nie water het nie? En wil U hê die Filistyne moet my vang, die Filistyne wat nie u mense is nie?”

19Daar was ’n gat in die rots by Legi. Die Here het die rots oopgebreek, en daar het water uitgekom. Simson het water gedrink en hy het weer sterk geword. Die fontein is nou nog daar by Legi. Die mense noem dit “Roeper-fontein.”

20Simson was 20 jaar lank ’n leier van die Israeliete in die tyd toe die Filistyne oor hulle regeer het.

Rigters 16

Simson dra die poort-deure van Gasa weg

1Simson het in die stad Gasa gekom. Hy het daar ’n prostituut gesien en na haar toe gegaan.

2Toe die mense van Gasa hoor Simson is daar, het hulle vir hom gaan wag by die poort van die stad. Hulle het nie geraas nie en hulle het gedink hulle sal hom doodmaak wanneer dit lig word.

3Maar Simson het in die middel van die nag opgestaan. Die twee deure van die stad se poort was gesluit, maar Simson het die deure saam met hulle rame uit die muur geruk. Hy het die deure saam met die sluitbalke op sy skouers gesit en hy het dit weggedra tot op die berg naby die stad Hebron.

Simson en Delila

4Later het Simson verlief geraak op ’n vrou in die Sorek-vallei. Haar naam was Delila.

5Die leiers van die Filistyne het na haar toe gekom en vir haar gesê: “Jy moet by Simson uitvind hoekom hy so sterk is en hoe ons hom kan vasbind sodat hy nie kan loskom nie. Elkeen van ons sal dan vir jou 1 100 stukke silwer gee.”

© Bible Society of South Africa.

6Delila het vir Simson gevra: “Sê asseblief vir my hoekom is jy so sterk en waarmee
kan ’n mens jou vasbind sodat jy nie kan loskom nie?”

7Simson het vir haar gesê: “As mense my vasbind met sewe nuwe boogsnare wat nog
nie droog geword het nie, dan sal ek niks kan doen nie. Ek sal soos ander mense
wees.”

8Die leiers van die Filistyne het vir Delila sewe nuwe boogsnare gebring wat nog nie
droog geword het nie, en sy het vir Simson daarmee vasgebind.

9Daar het manne by haar gelê en wag in die kamer. Sy het vir Simson gesê: “Simson,
hier is die Filistyne!” Simson het die boogsnare stukkend geruk soos ’n dun
garingdraad wat naby die vuur kom. Die Filistyne het nog nie geweet hoekom hy so
sterk is nie.

10Delila het vir hom gesê: “Jy het vir my ’n leuen vertel en my bedrieg. Sê nou
asseblief vir my waarmee kan ’n mens jou vasbind.”

11Simson sê toe vir haar: “As mense my styf vasbind met nuwe toue wat hulle nog
nooit gebruik het nie, dan sal ek niks kan doen nie. Ek sal soos ander mense wees.”

12Delila het nuwe toue geneem en sy het hom daarmee vasgebind en vir hom gesê:
“Simson, hier is die Filistyne!” Daar het weer manne gelê en wag in die kamer. Maar
Simson het die toue stukkend gebreek soos garing.

13Delila het vir hom gesê: “Jy het weer vir my ’n leuen vertel en my bedrieg. Sê
asseblief vir my hoe kan ’n mens jou vasbind.” Simson sê toe vir haar: “Ek sal swak
wees as jy my sewe haarlokke vas weef in die materiaal op jou weefstoel.”

14Sy het dit gedoen en sy het alles ook vasgesteek met ’n pen. Toe sê sy vir hom:
“Simson, hier is die Filistyne!” Hy het wakker geword en die pen, die wewerspoel en
die materiaal alles van die weefstoel afgeruk.

15Delila het vir hom gesê: “Jy sê jy is lief vir my, maar jy wil nie vir my die waarheid sê
nie. Jy het my nou al drie maal bedrieg en jy het nie vir my gesê hoekom jy so sterk is
nie.”

16Delila het die hele dag aangehou vra, sy het nie opgehou nie. Simson het later
begin wens hy is dood.

17En toe vertel hy vir haar die waarheid. Hy het gesê: “Ek het nooit my hare laat
afskeer nie, want ek is ’n nasireër van God vandat ek gebore is. As iemand my hare
afskeer, dan sal ek nie meer sterk wees nie, ek sal soos ander mense wees.”

18Delila het toe geweet Simson het vir haar die waarheid vertel en sy het die leiers
van die Filistyne laat roep. Sy het vir hulle gesê: “Julle moet kom. Hierdie maal het hy
vir my die waarheid vertel.” Die leiers van die Filistyne het na Delila toe gekom en
hulle het die geld saamgebring.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Sy het Simson aan die slaap gemaak met sy kop op haar skoot en sy het iemand
geroep om Simson se hare af te skeer. Toe was Simson nie meer sterk nie, en sy het
hom vasgedruk.

20Sy het gesê: “Simson, hier is die Filistyne!” En toe Simson wakker word, het hy
gedink: Ek sal weer loskom, soos voorheen, ek sal my losruk. Simson het nie geweet
die Here is nie meer by hom nie.

21Die Filistyne het hom gegryp en hulle het sy oë uitgesteek. Hulle het hom na die
stad Gasa gebring. Daar het hulle hom met koperkettings vasgebind. Hy moes in die
tronk die koringmeul draai.

22Later het sy hare weer lank geword, dit was soos voor Delila dit laat afskeer het.

23Eendag het die leiers van die Filistyne bymekaargekom om vir hulle god Dagon ’n
groot offer te bring en om fees te vier. Hulle het gesê: “Ons god het ons gehelp om
ons vyand Simson te vang.”

24Toe die Filistyne vir Simson sien, het hulle begin om hulle god te prys. Hulle het
gesê: “Ons vyand Simson het ons land verwoes en hy het baie van ons mense
doodgemaak. En nou het ons god ons gehelp om hom te vang.”

25Toe die Filistyne vrolik geword het, het hulle gesê: “Roep vir Simson, ons wil vir
hom lag.” Hulle het Simson uit die tronk laat kom sodat hulle vir hom kon lag. Hulle
het hom tussen die pilare laat staan.

26’n Seun het Simson se hand vasgehou, en Simson het vir die seun gesê: “Bring my
by die pilare waarop die tempel staan. Ek wil voel waar hulle is en ek wil teen hulle
staan.”

27Die tempel was vol mans en vroue, en die leiers van die Filistyne was vrolik. Op die
dak was nog 1 000 Filistyne, mans en vroue, wat vir Simson kom lag het.

28Simson het tot die Here gebid en gesê: “Here, my Here, dink aan my en maak my
nog hierdie een maal sterk. Ek wil die Filistyne straf omdat hulle my oë uitgesteek
het.”

29Hy het gevoel aan die twee pilare waarop die dak van die tempel was, die pilare in
die middel van die tempel. Hy het teen die pilare gestaan, met sy regter-hand teen
een pilaar en met sy linker-hand teen die ander pilaar.

30Toe sê hy: “Here, laat my saam met die Filistyne sterf.” En toe stoot Simson baie
hard teen die pilare, so hard soos hy kan. Die dak van die tempel het geval op die
leiers en op al die mense wat in die tempel was. Simson het gesterf, maar op daardie
dag toe hy gesterf het, het hy meer mense doodgemaak as toe hy gelewe het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

31Sy broers en sy hele familie het gekom en hulle het hom weggedra. Hulle het hom
begrawe in sy pa Manoag se graf tussen die stede Sora en Estaol. Simson was 20 jaar
lank 'n leier van die Israeliete.

Rigters 17

Die beeld wat Miga gemaak het

1Daar het 'n man in die Efraim-berge gewoon. Sy naam was Miga.

2Hy het vir sy ma gesê: "Ma, onthou jy daardie 1 100 stukke silwer wat iemand van
jou gesteel het? Ek het gehoor toe jy daardie dief vervloek het. Daardie silwer is by
my, ek het dit gevat." Toe sê sy ma: "Die Here sal jou seën, my seun."

3Hy het die 1 100 stukke silwer vir sy ma teruggegee. Maar toe sê sy: "Ek wy die
silwer alles aan die Here, en ek gee dit vir my seun om 'n beeld te maak. Ek gee dit
nou vir jou terug."

4Sy het 200 stukke silwer geneem van die silwer wat Miga vir haar teruggegee het,
en sy het dit vir 'n silwersmid gegee. Die silwersmid het 'n beeld gemaak van die
silwer. Die beeld het in Miga se huis gestaan.

5Miga het sy eie tempel gehad. Hy het 'n skouer-kleed en beeldjies gemaak en hy
het een van sy seuns gewy om sy priester te wees.

6In daardie tyd was daar nie 'n koning in die land Israel nie, en elkeen het gedoen
wat hy gedink het is reg.

7Maar daar was 'n jongman van die stad Betlehem in die land Juda. Hy was van 'n
familie wat in Juda gewoon het en hy was 'n Leviet. Hy het eers in Betlehem
gewoon. Hy was daar 'n vreemdeling,

8maar hy het daar weggegaan om 'n ander plek te soek waar hy ook 'n vreemdeling
sou wees. Hy het toe in die Efraim-berge by die huis van Miga gekom.

9Miga het vir hom gevra: "Van waar kom jy?" Die jongman het gesê: "Ek is 'n Leviet
van Betlehem in Juda en ek soek 'n plek om te woon."

10Toe sê Miga vir hom: "Jy moet by my bly. Jy moet vir my leer en jy moet vir my 'n
priester wees. Ek sal elke jaar vir jou tien stukke silwer betaal en ek sal vir jou klere
en kos gee."

11Die jongman het gesê dit is goed, hy sal by Miga bly. Hy was vir Miga soos een van
sy seuns.

12Miga het die Leviet gewy, en die Leviet het sy priester geword en in sy huis gebly.

13Miga het toe gesê: "Nou weet ek die Here is goed vir my, want 'n Leviet is my
priester."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Rigters 18

Die Dan-stam vat Miga se beeld en gaan woon in Lajis

1In daardie tyd was daar nie ’n koning in die land Israel nie. Die Dan-stam het vir hulle ’n ander plek gesoek om te woon. Hulle het dit gedoen omdat hulle nie ’n plek gekry het wat hulle eie was tussen die ander stamme van Israel nie.

2Die Dan-mense het vyf mans uit verskillende families en plekke gekies en hulle het die mans gestuur om deur die land te gaan en te kyk waar hulle kan woon. Dit was belangrike mans. Die Dan-mense het vir hulle gesê hulle moet gaan kyk waar hulle kan woon. Die vyf mans het weggegaan uit die stede Sora en Estaol en hulle het in die Efraim-berge by Miga se huis gekom. Hulle wou daar slaap.

3Toe hulle by Miga se huis kom, het hulle die jongman, die Leviet, gehoor praat. Hulle het na hom toe gegaan en vir hom gevra: “Wie het jou hiernatoe gebring en wat doen jy hier? Hoekom is jy hier?”

4Die jongman het vir hulle gesê Miga het hom gehuur en hy is Miga se priester.

5Hulle sê toe vir hom: “Vra asseblief wat God wil hê ons moet doen. Ons wil weet of dit goed sal gaan met ons waar ons gaan.”

6Die priester het dit gedoen en vir hulle gesê: “Dit sal goed gaan met julle, die Here sal vir julle wys waarnatoe julle moet gaan.”

7Die vyf mans het toe gegaan en hulle het by die stad Lajis gekom. Daar het hulle gesien die mense is oor niks bekommerd nie, hulle dink hulle woon veilig, soos die Sidon-mense altyd gedink het. Hulle het gedink ander mense sal hulle nie aanval nie en hulle het alles gehad wat hulle nodig gehad het. Hulle was ver van die stad Sidon, maar niemand het hulle probeer aanval en verdruk nie. Niemand het iets van hulle geweet nie.

8Die vyf mans het toe teruggegaan na hulle mense in Sora en Estaol. Hulle mense het vir hulle gevra: “Wat het julle gesien?”

9Die vyf mans het gesê: “Kom, ons moet gaan. Ons het ’n land gesien wat baie goed is. Maar julle moet gou maak. Julle moenie wag nie! Gaan dadelik en gaan vat daardie land.

10Julle sal daar kom by mense wat dink ander mense sal hulle nie aanval nie. En die land is oop na al die kante toe. God wil vir julle ’n land gee waar daar genoeg is van alles.”

11Daar het toe 600 mans van die Dan-families uit Sora en Estaol gegaan. Almal het wapens gehad om oorlog te maak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Hulle het gegaan tot by die stad Kirjat-Jearim in die land Juda en hulle het daar
hulle tente opgeslaan. Die mense noem daardie plek nou nog Dan-kamp. Dit is
anderkant Kirjat-Jearim.

13Van daar het die Dan-manne na die Efraim-berge gegaan en hulle het by Miga se
huis gekom.

14Die vyf mans wat gaan kyk het hoe die land by Lajis lyk, het vir hulle maats gesê:
“Weet julle, in hierdie huis is ’n skouer-kleed en beeldjies en ’n beeld. Julle weet
nou self wat julle moet doen.”

15Hulle het toe na die jongman, die Leviet, se huis gegaan, langs die huis van Miga,
en hulle het die jongman gegroet.

16Die 600 Dan-manne het met hulle wapens voor die poort gaan staan,

17en die vyf mans wat gaan kyk het waar hulle kan woon, het ingegaan en die
skouer-kleed en die beeldjies en die beeld gevat. Die priester het ook voor die poort
gaan staan waar die 600 manne was.

18Toe daardie mans uit die huis van Miga kom met die beeld en die skouer-kleed en
die beeldjies wat hulle gevat het, het die priester vir hulle gesê: “Wat doen julle?”

19Hulle het vir hom gesê: “Bly stil, jy moet niks sê nie. Kom saam met ons. Jy moet
ons priester wees en vir ons leer. Dit is beter dat jy ’n priester is vir ’n hele stam van
Israel, nie net vir een man nie.”

20Die priester het gedink dit is goed en hy het die skouer-kleed en die beeldjies en
die beeld gevat en saam met die mense gegaan.

21Hulle het hulle kinders en oumense en hulle skape en bokke en hulle ander goed
voor hulle laat gaan en hulle het verder gegaan.

22Toe hulle ver weg was van Miga se huis, het Miga ander mense gevra om hom te
help om die Dan-mense te volg en te jaag.

23Toe hy by die Dan-mense kom, het hy vir hulle geskree. Die Dan-mense het
omgekyk en gevra: “Wat is fout? Hoekom skree jy so?”

24Miga het vir hulle gesê: “Julle het my gode gevat wat ek gemaak het, en ook my
priester, en julle het weggeloop. Ek het nou niks, en nou vra julle vir my: ‘Wat is
fout?’ ”

25Die Dan-mense het vir Miga gesê: “Jy moenie hier by ons staan en skree nie. Party
van ons is mense wat gou kwaad word. Hulle sal jou en jou mense doodmaak.”

26Toe gaan die Dan-mense verder. Miga was bang, want hulle was meer en sterker as
hy en sy mense. Hy het omgedraai en in sy huis gaan bly.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Die Dan-mense het Miga se beelde en sy priester saamgevat en hulle het by die stad Lajis gekom. Die mense daar het gedink niemand sal hulle aanval nie, maar die Dan-mense het hulle doodgemaak en hulle het die stad verbrand.

28Niemand kon die mense van Lajis help nie, want hulle was ver van Sidon en niemand het iets van hulle geweet nie. Die stad was in die vallei naby Bet-Regob. Die Dan-mense het weer ’n stad gebou en hulle het daar gaan woon.

29Hulle het die stad Dan genoem. Dit was die naam van hulle voorvader, die seun van Jakob. Die plek se naam was voorheen Lajis.

30Die Dan-mense het die beeld daar neergesit. Die Leviet Jonatan en sy seuns was priesters vir die Dan-stam totdat vyande hulle almal weggevat het na ’n ander land. Hulle was van die nageslag van Gersom seun van Moses.

31Die Dan-mense het die beeld wat Miga gemaak het, in hulle stad neergesit, en dit het altyd daar gebly toe die tempel van die Here in Silo was.

Rigters 19

Die Gibea-mense doen ’n baie slegte ding

1Dit was in die tyd toe daar nog nie ’n koning in die land Israel was nie. ’n Leviet het ver in die Efraim-berge gewoon, hy was daar ’n vreemdeling. Hy het ’n byvrou geneem wat uit Betlehem in die land Juda gekom het.

2Sy byvrou wou nie meer by hom bly nie en sy het teruggegaan na haar pa se huis in Betlehem in die land Juda. Toe sy vier maande daar was,

3het haar man gereedgemaak en na haar toe gegaan. Hy wou vir haar sê hy is nog lief vir haar en hy wou vra dat sy moet terugkom. Hy het twee donkies saamgeneem, en sy slaaf was by hom. Sy byvrou het hom na haar pa se huis gebring, en toe haar pa die Leviet sien, was hy baie bly en hy het vir hom gesê hy is welkom.

4Sy skoonpa, die pa van die byvrou, wou hom nie laat weggaan nie, en die Leviet het drie dae daar gebly en geëet en gedrink en by die huis geslaap.

5Op die vierde dag het hy vroeg die oggend gereedgemaak om te gaan, maar die byvrou se pa het vir sy skoonseun gesê: “Jy moet eers eet en dan kan jy gaan.”

6Die Leviet het daar gebly, en hulle twee het saam geëet en gedrink. Daarna het sy byvrou se pa vir hom gesê: “Asseblief, jy moenie gaan nie, slaap nog vannag hier en geniet dit.”

7Die man het gereedgemaak om te gaan, maar sy skoonpa het aangehou, en toe het hy gebly en die nag daar geslaap.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Toe hy die vyfde dag vroeg die oggend gereedmaak om te gaan, sê sy byvrou se pa vir hom: “Jy moet eers eet.” Hulle het toe tot laat die dag daar gebly, en hy en sy skoonpa het saam geëet.

9Daarna het hy gereedgemaak om te gaan, hy en sy byvrou en sy slaaf. Sy skoonpa het vir hom gesê: “Kyk, dit is al laat, dit is amper aand. Slaap nog vannag hier in jou tent en geniet dit, dan kan julle môre vroeg gereedmaak om terug te gaan huis toe.”

10Maar hy wou nie weer daar slaap nie. Hy het gereedgemaak en gegaan en tot naby die stad Jebus gekom. Dit is Jerusalem. Hy het sy twee donkies by hom gehad, en sy byvrou was by hom.

11Toe hulle naby Jebus kom, was dit al aand, en sy slaaf het vir hom gesê: “Kom ons gaan na hierdie stad van die Jebusiete en ons slaap daar.”

12Maar hy het vir sy slaaf gesê: “Ons kan nie na ’n vreemde stad gaan wat nie aan Israeliete behoort nie. Kom ons gaan verder tot by die stad Gibea.”

13Die Leviet het vir sy slaaf gesê: “Kom ons gaan nader na een van die plekke en gaan slaap in Gibea of in Rama.”

14Hulle het verder gegaan, en toe hulle by Gibea kom, het die son ondergegaan. Gibea het behoort aan die Benjamin-stam.

15Hulle het na Gibea gegaan om daar te slaap. Hulle het op die oop stuk grond aan die binnekant van die poort gaan sit, maar niemand het hulle genooi om by sy huis te slaap nie.

16Maar toe kom daar ’n ou man van sy werk buite die stad. Hy het van die Efraim-berge gekom, en hy was ’n vreemdeling in Gibea, maar die mense van daardie plek was Benjamin-mense.

17Toe die ou man sien daar is iemand wat net vir die nag daar op die oop stuk grond is, het hy vir hom gevra: “Waarnatoe gaan jy en van waar kom jy?”

18Die Leviet het gesê: “Ons kom van Betlehem in die land Juda en ons gaan na ’n plek ver in die Efraim-berge. Dit is van waar ek kom. Ek het na Betlehem gegaan en ek gaan nou terug huis toe. Maar niemand het my genooi om by sy huis te slaap nie.

19Ons het genoeg kos vir die donkies en ook kos en wyn vir my byvrou en my slaaf.”

20Toe sê die ou man: “Julle is welkom by my huis. Ek sal vir julle alles gee wat julle nodig het. Maar julle moenie vannag hier op die oop stuk grond bly nie.”

21Die ou man het hom na sy huis gebring en hy het vir die donkies kos gegee. Hulle het hulle voete gewas en geëet en gedrink.

22Hulle het lekker geëet, maar toe het ’n klomp mans om die huis kom staan en hulle het teen die deur geslaan. Hulle was slegte mense. Hulle het vir die ou man aan wie

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die huis behoort het, gesê: “Bring die man wat in jou huis ingekom het. Ons wil seks hê met hom.”

23Die man aan wie die huis behoort, het uitgegaan na hulle toe en hy het vir hulle gesê: “Nee, vriende, julle moet asseblief niks sleg doen aan hierdie man wat in my huis gekom het nie. Moenie so ’n lelike ding doen nie.

24Hier is my dogter. Sy is nog ’n jongmeisie. Ek sal haar en die byvrou van die man uitbring. Julle mag hulle verkrag en met hulle doen wat julle wil. Maar moenie hierdie lelike ding doen aan hierdie man nie.”

25Maar die mans wou nie na die ou man luister nie. Toe vat die Leviet sy byvrou en hy stamp haar uit op die straat. Die mans het seks gehad met haar en hulle het haar die hele nag lank seergemaak, tot die volgende oggend. Hulle het haar laat gaan toe dit begin lig word.

26Die vrou het die oggend tot by die huis gekom waar haar man was en sy het daar gaan lê tot dit lig word.

27Toe haar man gereedmaak om verder te gaan, het hy die deur oopgemaak, en die vrou het daar voor die huis gelê, haar hande was onder teen die deur.

28Hy het vir haar gesê: “Staan op, ons moet gaan.” Maar sy het nie geantwoord nie. Die man het haar op ’n donkie vasgemaak en gereedgemaak en teruggegaan huis toe.

29Toe hy by die huis kom, het hy ’n mes gevat en hy het sy byvrou se liggaam in twaalf stukke gesny. Hy het die stukke deur die hele land Israel gestuur.

30Elkeen wat ’n stuk van haar liggaam gesien het, het gesê: “So iets het nog nooit gebeur nie, van die tyd toe die Israeliete uit Egipte gekom het tot vandag toe. Niemand het so iets gesien nie. Ons moet iets doen, ons moet ’n plan maak, ons moet praat.”

Rigters 20

Die oorlog teen die Benjamin-mense

1Die Israeliete het toe ’n volksvergadering gehou by die tempel in Mispa. Hulle het gekom uit al die plekke in die land, van Dan in die noorde tot Berseba in die suide, en uit die land Gilead.

2Al die leiers van die volk van God, van al die stamme van Israel, het na die volksvergadering gekom. Daar was 400 000 manne wat met swaarde kon oorlog maak.

3Die Benjamin-mense het gehoor die Israeliete het in Mispa bymekaargekom. Die Israeliete in die vergadering het gesê: “Julle moet praat. Hoe het hierdie slegte ding gebeur?”

© Bible Society of South Africa.

4Die Leviet, die man van die vrou wat vermoor is, het toe geantwoord. Hy het gesê: “Ek en my byvrou het in Gibea gekom, ’n stad wat aan die Benjamin-stam behoort. Ons wou daar slaap.

5Maar die manne van Gibea het slegte dinge gedoen aan my. Hulle het in die nag rondom die huis kom staan. Hulle wou my vermoor, en hulle het my byvrou verkrag tot sy dood is.

6Ek het toe my byvrou se liggaam in stukke gesny en ek het die stukke deur die hele land Israel gestuur. Ek wou hê almal moet weet die manne van Gibea het ’n slegte ding gedoen, iets waaroor al die Israeliete hulle moet skaam.

7Nou moet julle almal besluit en sê wat ons moet doen.”

8Toe staan almal in die vergadering saam op en hulle sê: “Niemand van ons sal teruggaan huis toe nie.

9Ons weet wat ons sal doen, ons sal lootjies trek om uit te vind wie moet die mense van Gibea gaan straf.

10Ons sal een tiende van die manne van elke stam van Israel stuur om padkos te gaan haal, en wanneer hulle terugkom, sal ons die mense van Gibea in die land Benjamin straf oor die lelike ding wat hulle gedoen het in die land Israel.”

11Die manne van Israel het almal bymekaargekom om teen die stad Gibea oorlog te maak.

12Maar hulle het eers boodskappers gestuur na al die families in die land Benjamin en gesê: “Daar het ’n slegte ding by julle gebeur.

13Julle moet nou daardie slegte mense bring wat in Gibea is, sodat ons hulle kan doodmaak. Ons moet hierdie slegte ding wegvat uit die land Israel.” Maar die Benjamin-mense wou nie luister na die ander Israeliete nie.

14Die Benjamin-mense het uit al die stede by Gibea bymekaargekom om teen die ander Israeliete oorlog te maak.

15Die Benjamin-mense het 26 000 manne gehad wat kon oorlog maak, en hulle het nog 700 manne gekies uit die mense van Gibea.

16Van daardie manne was 700 links, maar hulle kon baie goed gooi met ’n slingervel. Hulle kon ’n haar raakgooi, hulle het nie misgegooi nie.

17Die ander Israeliete het 400 000 manne gehad wat kon oorlog maak, almal was goeie soldate.

18Hulle het gereedgemaak en na Bet-El gegaan om vir God te vra wie eerste moet begin oorlog maak teen die Benjamin-mense. Die Here het gesê: “Die Juda-stam moet eerste gaan.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Die Israeliete het die oggend gereedgemaak en hulle het hulle tente opgeslaan by Gibea.

20Die manne van die Israeliete het uit die kamp gegaan en hulle het gereedgestaan om teen die mense van Gibea oorlog te maak.

21Maar toe kom die Benjamin-mense uit Gibea en hulle maak daardie dag 22 000 manne van die Israeliete dood.

22Die manne van die Israeliete was dapper. Hulle het weer gaan gereedstaan op die plek waar hulle die eerste dag gestaan het.

23Maar die Israeliete het eers weer na die tempel in Bet-El gegaan en hulle het daar tot die aand voor die Here gesit en huil. Hulle het vir die Here gevra of hulle weer oorlog moet gaan maak teen hulle broers, die Benjamin-mense, en die Here het gesê: “Ja, julle moet teen hulle gaan oorlog maak.”

24Maar toe die Israeliete die tweede dag nader gaan om oorlog te maak,

25het die Benjamin-mense weer uit Gibea gekom en hulle het daardie dag nog 18 000 manne van die Israeliete doodgemaak.

26Al die Israeliete, al die manne, het weer na Bet-El gegaan en hulle het daar by die tempel gaan sit en huil. Hulle het die hele dag gevas en hulle het brand-offers en ete-offers vir die Here gebring.

27-28Die kis van die Here was in daardie tyd in Bet-El, en Pinehas was in daardie tyd die priester by die kis. Pinehas was van die nageslag van Eleaser seun van Aäron. Die Israeliete het vir die Here gevra: “Moet ons weer gaan oorlog maak teen ons broers, die Benjamin-mense, of moet ons ophou?” Die Here het geantwoord: “Ja, julle moet gaan, want môre sal Ek julle laat wen teen hulle.”

29Die Israeliete het eers vir party van hulle manne gesê hulle moet naby Gibea gaan wegkruip sodat die Benjamin-mense hulle nie kan sien nie.

30Die Israeliete het toe op die derde dag weer gereedgemaak om oorlog te maak teen die Benjamin-mense. Die Israeliete het soos voorheen gereedgestaan om Gibea aan te val,

31en die Benjamin-mense het uit die stad na hulle toe gekom. Die Benjamin-mense het verder en verder van die stad gegaan en hulle het begin om Israeliete dood te maak soos voorheen. Hulle het omtrent 30 manne van die Israeliete doodgemaak in die veld langs die pad tussen Gibea en Bet-El.

32Die Benjamin-mense het gedink hulle het die Israeliete oorwin soos voorheen, maar die Israeliete het gesê: “Kom ons vlug, dan sal die Benjamin-mense op die paaie ver van die stad moet kom.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

33Die manne van die Israeliete het toe weggegaan van hulle plekke en hulle het by
die stad Baäl-Tamar gaan wag. Die ander manne wat weggekruip het wes van Gibea,
het ook uit hulle plekke opgespring,

34en 10 000 van die beste manne van die Israeliete het tot by Gibea gekom. Hulle het
almal hard geveg, maar die Benjamin-mense het nog nie geweet hoe sleg dit met
hulle sal gaan nie.

35Die Here het die Israeliete laat wen, en hulle het daardie dag 25 100 van die
Benjamin-mense doodgemaak.

36Toe het die Benjamin-mense gesien hulle het die oorlog verloor. Dit is wat gebeur
het: Die manne van die Israeliete het weggevlug van die Benjamin-mense, want die
Israeliete het geweet wat die manne sal doen wat hulle by Gibea laat wegkruip het.

37Daardie manne het vinnig in Gibea ingehardloop en hulle het al die mense in die
stad doodgemaak.

38Hulle het vir die ander Israeliete gesê hulle sal ’n vuur maak in die stad,

39en wanneer die Israeliete die rook sien, dan moet hulle omdraai en begin veg. Die
Benjamin-mense het begin om die Israeliete dood te maak, omtrent 30 manne, en
hulle het gedink hulle het weer die oorlog gewen soos voorheen.

40Maar toe begin die rook uit die stad opgaan, en toe die Benjamin-mense omkyk,
het hulle gesien die hele stad is aan die brand.

41En toe draai die Israeliete om, en die Benjamin-mense het baie bang geword, want
hulle het besef hulle verloor.

42Hulle het op die woestynpad probeer wegvlug van die Israeliete, maar die
Israeliete het aangehou om hulle dood te maak. Ander manne het uit die stede
gekom en hulle het ook die Benjamin-mense aangeval.

43Daar was Israeliete voor en agter die Benjamin-mense, en hulle het aangehou om
die Benjamin-mense dood te maak oos van Gibea. Daar was nie tyd om te rus nie.

44Die Israeliete het daar 18 000 van Benjamin se manne doodgemaak, almal dapper
manne.

45Die ander Benjamin-mense het na die woestyn gevlug, na die Rimmon-rots, maar
terwyl hulle gevlug het, het die Israeliete nog 5 000 manne van Benjamin
doodgemaak, en tot by Gidom nog 2 000.

46Daardie dag het 25 000 van Benjamin se manne gesterf.

47Net 600 het tot by die Rimmon-rots gevlug, en hulle het vier maande daar gebly.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

48Die manne van Israel het omgedraai en hulle het in al die stede die ander Benjamin-mense begin doodmaak, mense en diere, en hulle het alles in die stede verbrand.

Rigters 21

Die Benjamin-mense kry weer vroue

1Toe die Israeliete in Mispa bymekaar was, het hulle belowe dat nie een van hulle sy dogter sal laat trou met iemand uit die Benjamin-stam nie.

2Ná die oorlog teen die Benjamin-mense het die Israeliete na die stad Bet-El gegaan en hulle het daar tot die aand voor God gesit en aangehou om hard te huil.

3Hulle het gesê: “Here, God van Israel, hoekom het dit gebeur? Hoekom is daar vandag een stam minder in die volk Israel?”

4Die volgende dag het hulle vroeg opgestaan en hulle het daar ’n altaar gebou en brand-offers en ete-offers gebring.

5Die Israeliete het gevra: “Watter Israeliete het nie na die vergadering by die tempel in Mispa gekom nie?” Hulle het in daardie tyd belowe hulle sal almal doodmaak wat nie na die tempel in Mispa kom nie.

6Hulle was nou jammer oor hulle broers, die Benjamin-mense, en hulle het gesê: “Daar is vandag een stam minder in die volk Israel.

7Wat kan ons doen sodat die paar van hulle wat oorgebly het, vroue kan kry? Ons het belowe, en die Here was die getuie, ons sal nie ons dogters met hulle laat trou nie.”

8Daarom het hulle gevra: “Watter Israel-stam het nie na die tempel in Mispa gekom nie?” Niemand uit Jabes-Gilead het na die vergadering gekom nie.

9Toe die Israeliete die manne tel, het hulle gesien nie een van Jabes-Gilead se mense het gekom nie.

10Hulle stuur toe 12 000 van hulle beste manne en sê vir hulle: “Julle moet die mense van Jabes-Gilead gaan doodmaak, die vroue en kinders ook.

11Julle moet elke man of seun doodmaak, ook al die vroue wat seks gehad het met ’n man.”

12Die manne het tussen die mense van Jabes-Gilead 400 jongmeisies gekry wat nog nie by ’n man geslaap het nie, en hulle het die meisies na die kamp in Silo gebring in die land Kanaän.

13Toe stuur die Israeliete boodskappers na die Benjamin-mense by die Rimmon-rots en sê hulle kan terugkom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Die Benjamin-mense het teruggegaan en die Israeliete het vir hulle die vroue gegee
wat van Jabes-Gilead gekom het. Maar daar was nie genoeg vroue nie,

15en die Israeliete was jammer oor die Benjamin-stam, want die Here het een stam
weggevat uit die volk Israel.

16Die leiers van die volksvergadering het vir mekaar gevra: “Wat kan ons doen sodat
die Benjamin-mense wat oorgebly het, ook vroue kan kry? Want in die Benjamin-
stam is daar nie vroue wat nog lewe nie.”

17Hulle het gesê: “Die mense van Benjamin moet kinders kry, want daar mag nie ’n
stam uit die volk Israel verdwyn nie.

18Maar ons kan nie ons dogters met hulle laat trou nie, want ons het gesê
ons vervloek elkeen wat vir ’n Benjamin-man ’n vrou gee, en die Here was die
getuie.”

19Maar toe sê die leiers: “Daar is elke jaar ’n fees van die Here in die stad Silo.” Silo is
noord van die stad Bet-El, oos van die pad tussen Bet-El en die stad Sigem, en suid
van die stad Lebona.

20Die leiers het vir die Benjamin-mense gesê: “Julle moet in die wingerde gaan lê en
wag,

21en wanneer julle sien die meisies van Silo kom uit om te dans, dan moet julle uit
die wingerde gaan en vir julle elkeen ’n vrou uit die meisies van Silo vang. Dan moet
julle teruggaan na die land Benjamin.

22En wanneer hulle pa’s of broers by ons kom kla, dan sal ons vir hulle sê: ‘Los dit
asseblief, want ons het nie genoeg vroue vir hulle gekry toe ons teen Jabes-Gilead
gaan oorlog maak het nie. Julle is nie skuldig nie, want julle het nie julle dogters vir
hulle gegee nie.’ ”

23Die Benjamin-mense het so gemaak. Toe die meisies kom dans het, het elke man
vir hom ’n vrou gevat, en hulle het teruggegaan na hulle land. Hulle het die stede
weer gebou en hulle het daar gaan woon.

24Die Israeliete het daarna ook teruggegaan, elkeen na sy plek waar sy stam en sy
familie gewoon het.

25In daardie tyd was daar nie ’n koning in die land Israel nie. Elkeen het gedoen wat
hy gedink het is reg.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Rut

Rut 1

Elimelek gaan woon in Moab

1 Dit was in die tyd toe die leiers oor die Israeliete regeer het. Dit was baie droog in die land Juda, en die mense het niks gehad om te eet nie. ’n Man het weggegaan uit die stad Betlehem in die land Juda en hy het in die land Moab gaan woon. Hy was ’n vreemdeling in Moab.

2 Die man se naam was Elimelek, en sy vrou se naam was Naomi, en sy twee seuns se name was Maglon en Kiljon. Hulle het van Efrat gekom, dit is van Betlehem in Juda. Hulle het in die land Moab gekom en daar gebly.

3 Naomi se man Elimelek het gesterf, en sy en haar twee seuns het oorgebly.

4 Die seuns het getrou met vroue wat Moabiete was. Die een vrou se naam was Orpa, en die ander vrou se naam was Rut.

Naomi kom terug en Rut kom saam

Naomi en haar twee seuns Maglon en Kiljon het omtrent tien jaar in die land Moab gewoon.

5 Toe het haar seuns ook gesterf, en Naomi het alleen oorgebly. Haar man en haar seuns was dood.

6 Toe hoor Naomi die Here was weer goed vir sy volk, Hy het vir hulle reën gegee, en daar was weer kos in hulle land. Sy en haar twee skoondogters het gereedgemaak om terug te gaan uit die land Moab.

7 Sy het weggegaan van die plek waar sy was, en haar twee skoondogters was by haar. Hulle het begin loop om terug te gaan na die land Juda.

8 Naomi het vir haar skoondogters gesê: “Julle moet teruggaan na julle ma’s se huise. Ek bid dat die Here goed sal wees vir julle, soos julle goed was vir my oorlede seuns en vir my.

9 Ek bid dat die Here weer vir julle elkeen ’n man sal gee in wie se huis julle veilig kan woon.” Naomi het hulle gesoen, maar toe begin hulle huil.

10 Hulle het vir haar gesê: “Maar ons wil saam met jou gaan na jou mense toe.”

11 Naomi het gesê: “Nee, my dogters, julle moet teruggaan. Hoekom wil julle saam met my gaan? Ek kan nie nog seuns kry wat julle mans kan word nie.

12 Julle moet teruggaan, my dogters, julle moet gaan, want ek is te oud om weer te trou. En ook, as ek dink ek kan miskien nog kinders kry, en ek slaap vannag by ’n man en ek kry seuns,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13dan sal julle nie kan wag totdat hulle groot is nie. Julle sal wil trou. Nee, my dogters, die Here laat my swaarkry, die lewe is bitter vir my, meer bitter as vir julle."

14Naomi se twee skoondogters het weer begin huil. Orpa het vir Naomi gegroet en sy het gegaan, maar Rut het styf vasgehou aan Naomi.

15Naomi het vir Rut gesê: "Kyk, jou skoonsuster het teruggegaan na haar mense toe en na haar god. Jy moet ook teruggaan, saam met haar."

16Maar Rut het vir Naomi gesê: "Jy moenie aanhou sê dat ek jou moet los en moet teruggaan nie, want waar jy gaan, wil ek ook gaan, en waar jy gaan slaap, wil ek ook gaan slaap. Jou volk is ook my volk, en jou God is ook my God.

17Waar jy sterf, wil ek ook sterf, en daar moet die mense my begrawe. Die Here is my getuie. Net die dood sal ons twee skei van mekaar."

18Naomi het toe geweet dat Rut vas besluit het om saam met haar te gaan, en sy het nie weer met Rut daaroor gepraat nie.

19Naomi en Rut het verder geloop totdat hulle in Betlehem gekom het. Almal in die stad was opgewonde. Die vroue het gevra: "Is dit regtig Naomi?"

20Maar Naomi het vir die mense gesê: "Julle moet my nie Naomi noem nie, julle moet my nou 'Bitter' noem, want die Almagtige God het my lewe vir my baie bitter gemaak.

21Ek het hier weggegaan met baie, maar die Here het my met niks laat terugkom. Die Here, die Almagtige God, het my laat swaarkry, Hy het dit sleg laat gaan met my."

22So het Naomi teruggekom uit die land Moab, en Rut, haar Moabitiese skoondogter, het saam met haar gekom. Hulle het in Betlehem gekom toe die mense begin het om die gars af te sny.

Rut 2

Boas en Rut ontmoet mekaar

1Daar was 'n man wat familie was van Naomi se man Elimelek. Die man was ryk en sy naam was Boas.

2Rut, die Moabitiese vrou, het vir Naomi gevra: "Mag ek asseblief na 'n garsland gaan en gars-are gaan optel by iemand wat my toelaat om dit te doen?" Naomi het gesê: "My dogter, jy mag gaan."

3Rut het toe gegaan om die gars-are op te tel wat geval het wanneer die mense die are afsny. Dit het gelukkig so gebeur dat sy gekom het by die garsland wat behoort het aan Boas, die man wat familie was van Elimelek.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Boas het dieselfde tyd van Betlehem gekom. Hy het die mense gegroet wat die gars afsny, en hy het gesê: “Ek bid dat die Here by julle sal wees.” En hulle het geantwoord: “Ons bid dat die Here jou sal seën.”

5Toe vra Boas vir sy slaaf wat moes kyk dat die mense goed werk: “Wie is hierdie jong vrou?”

6Die slaaf het geantwoord: “Sy is ’n jong Moabitiese vrou. Dit is sy wat saam met Naomi uit die land Moab gekom het.

7Sy het gevra of sy die are mag optel wat val wanneer die mense die gars afsny. Sy het gekom en sy het van vanoggend tot nou toe gewerk, sy het nie by die huis gaan rus nie.”

8Boas sê toe vir Rut: “Dogter, luister, jy moenie in ’n ander garsland gaan are optel nie. Jy moet ook nie hier weggaan nie. Bly naby die vroue wat vir my werk.

9Kyk waar hulle die gars afsny en loop agter hulle. Ek het vir my slawe gesê hulle moenie vir jou pla nie. En jy kan water gaan drink uit die kruike wat my slawe volgemaak het.”

10Rut het laag op die grond gebuig en sy het vir Boas gesê: “Hoekom is jy so vriendelik met my? Hoekom praat jy met my? Ek kom uit ’n ander land.”

11Toe sê Boas vir Rut: “Die mense het vir my alles vertel, hulle het vir my vertel wat jy vir jou skoonma gedoen het nadat jou man dood is. Ek weet jy het weggegaan van jou ouers en jou land en jou familie en jy het na mense toe gekom wat jy voorheen nie geken het nie.

12Jy het gekom na die Here, die God van Israel, sodat Hy jou kan beskerm. Ek bid dat die Here goed sal wees vir jou omdat jy dit gedoen het.”

13Rut het gesê: “Dankie, Meneer, ek is nie een van die vroue wat vir jou werk nie, maar jy is vriendelik met my en jy is goed vir my. Jy sê mooi dinge vir my.”

14Toe dit tyd was om te eet, sê Boas vir Rut: “Kom eet saam met ons. Neem vir jou van die brood en druk dit in die wyn.” Sy het toe kom sit by die mense wat die gars afsny, en Boas het vir haar gebraaide koring gegee. Sy het genoeg geëet en daar was nog koring oor.

15Toe sy weer begin om are op te tel, het Boas vir sy werkers gesê: “Sy kan ook are optel tussen die gars-gerwe, en julle moenie vir haar pla nie.

16Julle moet ook are uit die gerwe trek en dit laat val sodat sy dit kan optel, en julle moenie met haar raas nie.”

17Rut het tot die aand are opgetel, en toe sy die are wat sy opgetel het, uitslaan om die korrels uit te haal, was dit ’n groot mandjie vol.

© Bible Society of South Africa.

18Sy het dit geneem en na die stad gegaan en vir haar skoonma gewys wat sy opgetel het. Sy het ook van die gebraaide koring uitgehaal wat die middag oorgebly het en sy het dit vir haar skoonma gegee.

19Haar skoonma het gesê: “Waar het jy vandag are opgetel? Waar het jy gewerk? Ek bid dat die Here die man sal seën wat so goed was vir jou.” Rut het vir haar skoonma vertel by wie sy gewerk het. Sy het gesê: “Die man by wie ek vandag gewerk het, is Boas.”

20Toe sê Naomi vir haar skoondogter: “Die Here was goed vir ons mans wat dood is, en Hy is goed vir ons. Ek bid dat Hy die man sal seën. Hy is familie van ons, hy is een van ons lossers.”

21Rut, die Moabitiese vrou, het gesê: “Die man het ook vir my gesê dat ek naby die mense moet bly wat vir hom werk, totdat hulle al die gars klaar afgesny het.”

22Toe sê Naomi vir haar skoondogter Rut: “My dogter, dit is goed dat jy saam met die vroue loop wat vir hom werk. Op ’n ander garsland sal die mense jou miskien pla.”

23Rut het toe naby die vroue gebly wat vir Boas gewerk het, en sy het are opgetel totdat hulle die gars en die koring klaar afgesny het. Sy het by haar skoonma gewoon.

Rut 3

Rut gaan na Boas op die dorsvloer

1Eendag het Rut se skoonma Naomi vir haar gesê: “My dogter, ek moet vir jou ’n man kry wat vir jou kan sorg.

2Ek sal vir jou sê wat ons moet doen. Jy was saam met die vroue wat vir Boas werk, en hy is familie van my. Hy gaan vannag die gars op die dorsvloer in die lug opgooi, sodat die wind die kaf wegwaai.

3Jy moet jou was en lekkerruik-olie aan jou smeer en jou mooi aantrek, en dan moet jy na die dorsvloer gaan. Maar jy moenie dat Boas sien wie jy is nie. Wanneer hy klaar geëet en gedrink het

4en gaan slaap, dan moet jy kyk waar hy gaan lê, en dan moet jy die kombers optel en by sy voete gaan lê. Hy sal vir jou sê wat jy moet doen.”

5Rut het vir Naomi gesê: “Ek sal alles doen wat jy sê.”

6Rut het na die dorsvloer gegaan en sy het alles gedoen wat haar skoonma gesê het.

7Boas het lekker geëet en gedrink en hy het gelukkig gevoel. Hy het gaan lê en slaap langs die hoop gars. Rut het saggies gekom en sy kombers opgetel en by sy voete gaan lê.

© Bible Society of South Africa.

8Toe Boas in die middel van die nag wakker word, het hy gesien daar lê ’n vrou by sy voete.

9Hy het gevra: “Wie is jy?” Rut het gesê: “Ek is Rut, en jy moet vir my sorg, want jy is ’n losser.”

10Boas sê toe: “Dogter, die Here sal jou seën. Jy het by jou skoonma gebly, en nou wil jy ook in die familie bly. Jy kon ’n jongman gekies het, ’n arm of ’n ryk jongman, maar jy het dit nie gedoen nie.

11En nou, dogter, jy moenie bekommerd wees nie. Ek sal alles doen wat jy gevra het, want almal in my stad weet dat jy ’n goeie vrou is.

12Dit is waar dat ek ’n losser is, maar daar is ’n ander man wat nader familie is en wat ook ’n losser is.

13Bly vannag hier, en as hy môre sê hy sal vir jou sorg, dan is dit goed. Maar as hy dit nie wil doen nie, dan sal ek dit doen. Ek belowe dit en die Here is die getuie. Slaap nou tot môre.”

14Rut het by Boas se voete gelê tot die volgende oggend, maar sy het opgestaan toe dit nog donker was, want Boas het gesê niemand moet weet dat daar ’n vrou na die dorsvloer gekom het nie.

15Boas het gesê sy moet die doek bring wat om haar lyf is, en sy moet dit vashou. Sy het dit gedoen, en hy het ses kruike vol gars op die doek gegooi en dit op haar skouers getel. Sy het na die stad gegaan,

16en toe sy by haar skoonma kom, vra Naomi vir haar: “My dogter, hoe het dit gegaan?” Rut het vir haar alles vertel wat Boas vir haar gedoen het

17en sy het gesê: “Hierdie ses kruike gars het hy vir my gegee en hy het gesê ek mag nie by my skoonma kom en niks vir haar saambring nie.”

18Naomi het gesê: “Nou moet jy wag totdat jy weet wat gebeur. Die man sal nie ophou voordat hy vandag gedoen het wat hy gesê het nie.”

Rut 4

Boas trou met Rut en sy kry ’n seun

1Boas was toe al in die poort van die stad. Hy het daar gaan sit. Toe kom die ander man daar verby, die man wat ook ’n losser was. Boas het vir hom gesê: “My vriend, kom sit asseblief hier.” Die man het dit gedoen.

2Boas het tien van die stad se leiers geroep om ook daar te kom sit. Hulle het dit gedoen.

© Bible Society of South Africa.

3Toe sê hy vir die man: “Daar is ’n stuk grond wat behoort het aan Elimelek wat familie van ons was. Naomi het teruggekom uit die land Moab, en sy wil hê dat ’n man wat familie is van haar man, die grond moet koop.

4Ek het gedink ek sal dit self vir jou sê. Jy mag nou die grond koop as jy wil, hier waar almal dit kan sien, die manne wat hier sit, die leiers van my volk. As jy dit nie wil doen nie, dan moet jy dit vir my sê, want dan moet ek dit koop.” Die man het gesê: “Goed, ek sal die grond koop.”

5Toe sê Boas: “Wanneer jy die grond by Naomi koop, dan kry jy ook die Moabitiese vrou Rut, die vrou van Naomi se oorlede seun. Dan moet jy ’n seun by haar kry wat die grond eendag kan erf.”

6Toe sê die man: “Nee, dan kan ek nie die grond koop nie, want as ek met Rut trou, dan sal ek miskien die familie-grond verloor wat ek klaar het. Jý moet Naomi se grond koop, ek kan nie.”

7Daardie tyd, wanneer iemand nie ’n familielid kon help nie, dan het hy sy sandaal uitgetrek en dit vir die ander persoon gegee. Wanneer ’n man ’n stuk grond geruil het by iemand, dan het hy ook sy sandaal vir die ander man gegee. Dan het al die Israeliete dit geweet.

8Die man het vir Boas gesê: “Jý moet die grond koop,” en hy het sy sandaal uitgetrek.

9Toe sê Boas vir die leiers en vir almal wat daar was: “Julle is vandag die getuies dat ek by Naomi alles koop wat aan Elimelek en aan Maglon en Kiljon behoort het.

10Ek neem ook die Moabitiese vrou Rut, die vrou van Maglon. Ek sal met haar trou, en as sy ’n seun kry, dan sal hy eendag die grond kry. So sal die naam van haar oorlede man nie verdwyn uit sy familie en uit die stad nie. Julle is vandag die getuies.”

11Al die mense in die poort en al die leiers het gesê: “Ja, ons is getuies. Ons bid dat die vrou wat nou in jou huis sal kom, soos Ragel en Lea sal wees, die twee vroue uit wie die volk Israel kom. Ons bid dat jy ryk sal word en dat jy ’n belangrike man sal wees hier in Betlehem.

12Ons bid dat die kinders wat die Here vir jou en hierdie jong vrou sal gee, sal wees soos die kinders van Peres, die seun van Juda en Tamar.”

13Boas het met Rut getrou, en die Here het vir haar ’n seun gegee.

14Die vroue het vir Naomi gesê: “Ons prys die Here wat iemand gegee het wat jou nou kan help. Ons bid dat hierdie kind ’n belangrike man sal word in die volk Israel.

15Ons bid dat hy jou gelukkig sal maak en vir jou sal sorg wanneer jy oud is. Hy is die kind van jou skoondogter wat baie lief is vir jou en wat vir jou beter is as sewe seuns.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16 Naomi het die kind op haar skoot geneem en sy het vir hom gesorg.

17 Die buurvroue het vir die seun ’n naam gegee. Hulle het gesê: “Naomi het nou ’n kind,” en hulle het hom Obed genoem. Obed was die pa van Isai, en Isai was die pa van Dawid.

18 Hier is ’n lys van die nageslag van Peres: Peres was die pa van Gesron,

19 Gesron was die pa van Ram, Ram was die pa van Amminadab,

20 Amminadab was die pa van Nagson, Nagson was die pa van Salma,

21 Salma was die pa van Boas, Boas was die pa van Obed,

22 Obed was die pa van Isai, en Isai was die pa van Dawid.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1 Samuel

1 Samuel 1

Hanna bid dat die Here vir haar ’n seun sal gee

1Daar was ’n man van die stad Ramatajim in die Efraim-berge. Hy was van die nageslag van Suf, en sy naam was Elkana. Elkana was die seun van Jerogam, Jerogam was die seun van Elihu, Elihu was die seun van Togu, en Togu was die seun van Suf, van die land Efrat.

2Elkana het twee vroue gehad. Die naam van die een vrou was Hanna en die naam van die ander vrou was Peninna. Peninna het kinders gehad, maar Hanna het nie kinders gehad nie.

3Elkana het elke jaar van sy stad Ramatajim na die stad Silo gegaan om daar te bid en te offer vir die Here wat oor alles regeer. Hofni en Pinehas, die twee seuns van Eli, was in Silo priesters van die Here.

4Wanneer Elkana ’n offer vir die Here gebring het, dan het hy vir Peninna en al haar seuns en dogters elkeen ’n stuk vleis gegee.

5Hy was lief vir Hanna, maar hy kon vir haar net een stuk vleis gee, want die Here het nie vir haar kinders laat kry nie.

6Dan het die ander vrou vir Hanna baie gespot en verneder omdat die Here nie vir Hanna kinders laat kry het nie.

7Elkana het dit elke jaar gedoen. Wanneer Hanna na die tempel gegaan het, dan het Peninna haar gespot. Hanna het dan gehuil en sy het nie geëet nie.

8Dan het haar man Elkana vir haar gesê: “Hanna, hoekom huil jy en hoekom eet jy nie? Hoekom is jy hartseer? Jy weet jy het vir my, en dit is beter as om tien seuns te hê.”

9Nadat hulle in Silo saam geëet en gedrink het, het Hanna opgestaan. Die priester Eli het by die deur van die tempel op ’n stoel gesit.

10Hanna was baie hartseer. Sy het tot die Here gebid en baie gehuil.

11Sy het vir die Here belowe en gesê: “Here wat oor alles regeer, ek is u dienaar. U moet asseblief na my kyk en sien hoe hartseer ek is. U moet dink aan my, U moenie vir my vergeet nie. As U vir my ’n seun gee, dan sal ek hom bring om sy hele lewe lank aan U te behoort, en niemand sal sy hare afskeer nie.”

12Hanna het lank aangehou bid tot die Here, en Eli het gesien sy praat.

13Maar Hanna het saggies gepraat. Net haar lippe het beweeg. Eli kon nie hoor wat sy sê nie en hy het gedink sy is dronk.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14 Eli sê toe vir Hanna: “Hoe lank wil jy dronk bly? Gaan nou en kom terug wanneer jy
nie meer dronk is nie.”

15 Maar Hanna het vir Eli gesê: “Nee, Meneer, ek het nie wyn of bier gedrink nie, ek is
baie hartseer en ek het vir die Here gesê hoe ek voel.

16 Jy moenie dink dat ek ’n slegte vrou is nie. Ek het tot nou toe gepraat oor my groot
hartseer en my pyn.”

17 Eli het vir Hanna gesê: “Ek hoop dit sal goed gaan met jou. Ek bid dat die God van
Israel vir jou sal gee wat jy gevra het.”

18 Hanna het geantwoord: “Ek hoop jy sal aanhou tevrede wees met my.” Sy het
gegaan en geëet, en sy was nie meer ongelukkig nie.

Hanna kry ’n seun en sy noem hom Samuel

19 Die volgende oggend het Elkana en Hanna vroeg opgestaan en hulle het tot die
Here gebid, en toe het hulle teruggegaan na hulle huis in die stad Rama. Elkana het
by Hanna geslaap, en die Here het aan haar gedink.

20 Aan die einde van daardie jaar het sy swanger geword en sy het ’n seun gekry. Sy
het hom Samuel genoem. Sy het gesê: “Sy naam is Samuel, want ek het vir die Here
gevra om hom vir my te gee.”

21 Elkana en sy hele huisgesin het weer gegaan om die offer te bring wat hy elke jaar
moes bring, en ook sy gelofte-offer.

22 Hanna het nie saamgegaan nie. Sy het vir haar man gesê: “Wanneer my seun nie
meer aan my drink nie, dan sal ek hom bring en ek sal hom vir die Here gee om vir
Hom te werk. Dan kan hy altyd daar bly.”

23 Haar man Elkana het vir haar gesê: “Jy moet doen wat jy dink is goed. Bly by die
huis totdat die kind nie meer aan jou drink nie. Ek bid dat die Here alles sal doen wat
Hy vir jou belowe het.”

Hanna bring vir Samuel na die tempel

Hanna het by die huis gebly totdat haar seun opgehou het om aan haar te drink.

24 Nadat hy opgehou het om aan haar te drink, het sy hom saam met haar geneem en
sy het hom na die tempel in Silo gebring. Die seun was nog jonk. Hanna het ’n bul
saamgeneem wat drie jaar oud was en ook ’n efa meel en ’n velsak wyn.

25 Nadat hulle die bul geslag het, het hulle dit na die priester Eli gebring. Hulle het
ook die seun gebring.

26 Hanna het vir Eli gesê: “Ekskuus, Meneer, jy sal dit miskien nie glo nie, maar ek is
die vrou wat hier by jou kom staan het en tot die Here gebid het.

27 Ek het gebid om hierdie seun te kry, en die Here het vir my gegee wat ek gevra het.

© Bible Society of South Africa.

28En ek het besluit om hom vir die Here te leen. Hy sal sy hele lewe lank iemand wees wat ek vir die Here geleen het.” Elkana en sy huisgesin het toe die Here daar aanbid.

1 Samuel 2

Hanna prys die Here

1Hanna het gebid en gesê: “Ek is vrolik, want die Here is by my. Ek is sterk, want die Here is by my. Ek lag vir my vyande, want U het my gered, en ek is bly.

2Daar is nie ’n ander heilige God soos die Here nie, net U is God, daar is nie ’n ander God nie. Daar is nie ’n ander Rots soos ons God nie.

3Julle moenie aanhou spog nie, julle moenie teen die Here praat nie, want die Here weet alles en Hy toets alles wat ’n mens doen.

4Die pyl en boog van mense wat oorlog maak, is stukkend, maar die mense wat geval het, staan weer op en hulle is sterk.

5Mense wat altyd meer kos gehad het as wat hulle kon eet, moet nou werk om ’n stukkie kos te kry. Maar mense wat altyd honger was, het nou genoeg om te eet. ’n Vrou wat nie kinders kon kry nie, het nou sewe kinders, en ’n vrou wat baie kinders gehad het, het nou niks kinders nie.

6Die Here maak dood en Hy laat mense weer lewe, Hy laat mense afgaan na die doderyk en Hy laat mense opkom uit die doderyk.

7Die Here maak mense arm en Hy maak mense ryk, Hy laat mense val en Hy tel mense op.

8Hy laat arm mense opstaan uit die stof, Hy tel hulle op uit die ashoop. Hy laat hulle by die belangrike mense sit, Hy gee vir hulle die belangrikste plek om te sit. Die pilare van die aarde behoort aan die Here, Hy het die aarde op die pilare gesit.

9Die Here lei sy dienaars op hulle pad, maar die slegte mense sal in die donker kom en sterf. Hulle eie krag sal hulle nie help om te wen nie.

10Die mense wat sê die Here is verkeerd, sal sterf. Die Here laat donderweer uit die lug oor hulle blits. Die Here sal al die mense op die aarde oordeel, en Hy sal sy koning wat Hy gesalf het, sterk maak.”

11Elkana het teruggegaan na sy huis in Rama, maar sy seun Samuel het by die priester Eli gebly om vir die Here te werk.

Die seuns van Eli

12Die seuns van Eli was slegte mense. Hulle het nie gelewe soos die Here wou hê nie.

© Bible Society of South Africa.

13Al die mense wat kom offer het, het altyd ook vir die priesters vleis gegee. Wanneer iemand klaar ’n ete-offer gebring het, dan het hy die vleis gaargemaak. Dan het die priester se slaaf gekom en hy het ’n drietand-vurk in sy hand gehad.

14Die slaaf het dan die vurk in die pot of die bak of die pan of die skottel gesteek. Alles wat aan die vurk vasgesit het, kon die priester vir homself vat. Die priesters het dit gedoen met al die Israeliete wat daar in Silo gekom het.

15Maar die priester se slaaf het partymaal gekom voordat die priesters die vet op die altaar aan die brand gesteek het. Die slaaf het dan vir die man gesê: “Jy moet vleis gee vir die priester om te braai. Hy wil nie gaar vleis hê nie, hy wil rou vleis hê.”

16En as die man dan vir die slaaf sê: “Wag ’n bietjie, hulle moet eers die vet aan die brand steek, daarna kan jy vat wat jy wil hê,” dan sê die slaaf vir hom: “Nee, jy moet dit nóú gee. As jy dit nie doen nie, dan sal ek dit self vat.”

17Die Here het gesien dat die seuns van Eli ’n baie groot sonde doen, want hulle het gemaak of die offer van die Here nie belangrik is nie.

18Samuel het in die tempel gewerk en hy het ’n linne- skouer-kleed gedra.

19Sy ma het elke jaar ’n klein oorkleed vir hom gemaak en sy het dit vir hom gebring wanneer sy saam met haar man kom offer het.

20Eli het Elkana en sy vrou geseën en gesê: “Jy en jou vrou het hierdie kind vir die Here geleen. Ek bid dat die Here vir julle nog kinders sal gee in sy plek.” Daarna het Elkana en sy huisgesin teruggegaan na sy huis.

21En die Here was toe baie goed vir Hanna. Sy het weer swanger geword en sy het nog drie seuns en twee dogters gekry. Maar die seun Samuel het in die tempel grootgeword.

22Eli was baie oud. Hy het gehoor wat sy seuns alles gedoen het aan al die Israeliete, en ook dat hulle seks gehad het met die vroue wat gewerk het by die deur van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het.

23Eli het vir sy seuns gesê: “Hoekom doen julle hierdie dinge? Ek hoor dat al hierdie mense sleg praat oor julle.

24Nee, my seuns, ek hoor wat die volk van die Here oor julle sê, en dit is nie goeie dinge nie.

25Wanneer ’n mens sonde doen teen ’n ander mens, dan kan die regters oordeel, maar wanneer ’n mens sonde doen teen God, wie moet dan oordeel?” Maar die seuns van Eli het nie geluister na hulle pa nie, want die Here wou hulle laat sterf.

26Die seun Samuel het grootgeword, en die Here en die mense het gehou van Samuel.

Die Here stuur ’n boodskap vir Eli

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

27’n Man van God het na Eli toe gekom en vir hom gesê: “Die Here sê: Ek het vir
jou voorvader se familie duidelik gewys wie Ek is. Dit was toe hulle in Egipte by
die farao se huis was.

28Ek het jou voorvader gekies uit al die Israeliete om my priester te wees. Ek het
hom gekies om by my altaar te kom om die wierook-offer aan die brand te steek, en
om die skouer-kleed te dra. Ek het vir sy familie al die vuur-offers gegee wat die
Israeliete gebring het.

29Hoekom maak jy nou of my offers en my presente nie belangrik is nie? Ek het gesê
die Israeliete moet daardie offers en presente vir My bring. Hoekom respekteer jy
jou seuns meer as vir My? Jy maak hulle vet met die beste van al die presente wat
my volk Israel vir Mý bring.

30“Omdat jy dit doen, sê Ek, die Here, die God van Israel: Ek het duidelik gesê
jou nageslag en jou familie sal My altyd in die tempel dien, maar nou sê Ek dit sal
nie meer so wees nie. Ek sal die mense eer wat My eer en Ek sal die
mense verneder wat maak of Ek nie belangrik is nie.

31Daar sal ’n dag kom wanneer jy en jou familie nie meer priesters sal wees nie, en
niemand uit jou familie sal ’n leier wees nie.

32Jy sal sien dat dit sleg gaan in hierdie tempel. Ek sal baie goeie dinge laat gebeur
met die Israeliete, maar daar sal nooit weer ’n leier uit jou familie kom nie.

33Wanneer jy nie meer goed kan sien nie en swak geword het, dan sal Ek net een
persoon laat oorbly by my altaar. Die meeste mans in jou familie sal sterf voordat
hulle oud geword het.

34Jy sal sien dat dit gebeur. Jou twee seuns Hofni en Pinehas sal altwee op een dag
sterf.

35Maar dan sal Ek vir My ’n priester kies en aanstel, en hy sal wees soos Ek wil hê hy
moet wees. Hy sal doen wat Ek wil hê hy moet doen, en sy nageslag sal wees soos Ek
wil hê hulle moet wees. Hy sal altyd my gesalfde dien.

36Elkeen in jou familie wat aanhou lewe, sal voor my priester kom buig om ’n bietjie
geld of ’n klein broodjie te kry. Hy sal vra: ‘Laat my asseblief ’n priester wees, sodat
ek ’n bietjie kos kan hê om te eet.’ ”

1 Samuel 3

Die Here verskyn aan Samuel

1Die seun Samuel het vir die Here gewerk saam met Eli. In daardie tyd het die Here
min met mense gepraat en Hy het nie baie maal vir hulle iets gewys nie.

2Eli het een nag op sy bed gelê. Sy oë het al dof geword, hy kon nie meer goed sien
nie.

© Bible Society of South Africa.

3Die lamp van God het nog gebrand. Samuel het in die tempel geslaap waar die kis van God was.

4Die Here het vir Samuel geroep, en Samuel het gesê: “Hier is ek.”

5Samuel het na Eli toe gehardloop en gesê: “Hier is ek, want jy het my geroep.” Maar Eli het gesê: “Ek het jou nie geroep nie. Gaan slaap weer.” Samuel het gaan slaap.

6Die Here roep toe weer: “Samuel!” Samuel het opgestaan en hy het na Eli toe gegaan en gesê: “Hier is ek, want jy het my geroep.” Maar Eli het gesê: “My seun, ek het jou nie geroep nie. Gaan slaap weer.”

7Samuel het nie geweet dat dit die Here is nie, want die Here het nog nie voor daardie tyd met hom gepraat nie.

8Toe die Here die derde maal vir Samuel roep, het Samuel opgestaan en hy het na Eli toe gegaan en gesê: “Hier is ek, want jy het my geroep.” Eli het toe besef dat dit die Here is wat die seun geroep het,

9en hy het vir Samuel gesê: “Gaan lê, en wanneer Hy jou weer roep, dan moet jy sê: ‘Praat, Here, ek is u dienaar en ek luister.’ ” Samuel het weer op sy bed gaan lê.

10Die Here het gekom en Hy het daar gestaan en weer geroep: “Samuel! Samuel!” Samuel het gesê: “Praat asseblief, ek is u dienaar en ek luister.”

11Die Here het vir Samuel gesê: “Ek sal nou in die land Israel iets doen, elkeen wat dit hoor, sal geskok wees.

12Daardie dag sal Ek met Eli alles laat gebeur wat Ek oor sy familie gesê het, alles van die begin tot die end.

13Ek het vir hom gesê Ek sal sy familie vir altyd straf oor die sonde waarvan hy geweet het. Want sy seuns het My nie geëer nie, en hy het nie hard met hulle geraas nie.

14Daarom het Ek gesê: Ek sal die sonde van Eli se familie nooit vergewe nie, ook nie wanneer hulle offers en presente vir My bring nie. Wat Ek gesê het, sal gebeur.”

15Samuel het tot die oggend op sy bed gelê. Toe het hy die deure van die tempel oopgemaak. Hy was bang om vir Eli te vertel wat die Here vir hom kom sê het.

16Maar Eli het vir Samuel geroep en hy het vir hom gesê: “Samuel, my seun.” En Samuel het gesê: “Hier is ek.”

17Toe sê Eli: “Wat het die Here vir jou gesê? Jy moet alles vir my vertel en niks wegsteek nie. Ek bid dat die Here jou sal straf as jy enige iets vir my wegsteek. Vertel vir my alles wat Hy vir jou gesê het.”

18Samuel het vir Eli alles vertel. Hy het niks weggesteek nie. En Eli het gesê: “Hy is die Here, Hy moet doen wat Hy wil doen.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Samuel het grootgeword, en die Here was by hom. Die Here het alles gedoen wat
Hy gesê het.

20Al die Israeliete, van die stad Dan in die noorde tot by die stad Berseba in die suide,
het geweet Samuel is ’n profeet wat altyd sê wat die Here vir hom sê.

21Die Here het van toe af weer in Silo verskyn, want toe Hy in Silo met Samuel
gepraat het, het Hy vir Samuel gewys wie Hy is. Samuel het met al die Israeliete
gepraat.

1 Samuel 4

Die Filistyne oorwin die Israeliete en hulle vat die verbondskis

1Die Israeliete het gaan oorlog maak teen die Filistyne. Hulle het hulle tente
opgeslaan by die stad Eben-Haeser, en die Filistyne het hulle tente opgeslaan by die
stad Afek.

2Die Filistyne het begin veg teen die Israeliete, en die Israeliete het verloor. Die
Filistyne het omtrent 4 000 Israeliete doodgemaak.

3Toe die Israeliete terugkom in hulle kamp, het hulle leiers gevra: “Hoekom het die
Here ons vandag laat verloor teen die Filistyne? Ons moet die verbondskis van die
Here na ons toe bring. Dan kan dit by ons wees en dan sal dit ons red van ons
vyande.”

4Die manne het mense na die stad Silo gestuur om die verbondskis van die Here daar
te gaan haal, die Here wat oor alles regeer en wat sy troon bokant die gerubs het.
Hofni en Pinehas, die twee seuns van Eli, was by die verbondskis van God.

5Toe die verbondskis van die Here by die kamp van die Israeliete kom, het hulle
almal hard geskree, want hulle wou begin oorlog maak. Die aarde het geskud.

6Die Filistyne het gehoor die Israeliete skree en hulle wil weer begin veg. Hulle het
gevra: “Hoekom skree die Hebreërs so?” Toe die Filistyne hoor dat die kis van die
Here in die kamp van die Israeliete gekom het,

7het hulle bang geword en gesê: “God het na die kamp van die Israeliete gekom. Dit
sal sleg gaan met ons. So iets het nog nooit gebeur nie.

8Dit sal nou sleg gaan met ons, wie sal ons red van hierdie sterk God? Dit is dieselfde
God wat die Egiptenaars in die woestyn siek gemaak het en hulle laat sterf het.

9Filistyne, julle moet sterk wees, julle moet dapper wees! Anders sal julle verloor
teen die

Hebreërs en dan sal julle moet werk vir hulle, soos hulle vir julle gewerk het. Julle
moet dapper wees, julle moet hard veg.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Die Filistyne het geveg, en hulle het die Israeliete weer oorwin. Die Israeliete het
huis toe gevlug. Baie Israeliete het gesterf, 30 000 is dood.

11Die Filistyne het ook die kis van God gevat, en Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas,
het ook gesterf.

12'n Man van die Benjamin-stam het gehardloop van die plek waar hulle geveg het
en hy het dieselfde dag in Silo aangekom. Hy het sy klere geskeur en hy het grond
op sy kop gegooi.

13Toe hy in Silo kom, het Eli op 'n stoel gesit en hy het gewag dat iemand moet kom,
want hy was bekommerd oor die kis van God. Toe die man in die stad kom en vertel
wat gebeur het, het al die mense in die stad geskree.

14Eli het gehoor hulle skree, en hy het gevra: "Hoekom skree die mense?" Toe kom
die man vinnig na Eli toe om vir hom te vertel wat gebeur het.

15Eli was 98 jaar oud, en hy kon nie meer sien nie.

16Die man het vir Eli gesê: "Ek kom van die plek waar hulle geveg het, ek het vandag
daar weggevlug." Eli het gevra: "My seun, wat het gebeur?"

17Toe sê die boodskapper: "Die Israeliete het gevlug vir die Filistyne. Baie manne het
gesterf. Jou twee seuns Hofni en Pinehas is ook dood. En die Filistyne het die kis van
God gevat."

18Dadelik toe Eli hoor wat die man sê oor die kis van God, het hy agteroor van sy
stoel afgeval daar by die poort. Hy het sy nek gebreek en hy het gesterf. Hy was oud
en swaar. Eli was 40 jaar lank die leier van Israel.

19Eli se skoondogter, die vrou van Pinehas, was swanger, en die tyd was naby dat sy
haar baba moes kry. Toe sy hoor dat die Filistyne die kis van God gevat het en dat
haar skoonpa en haar man dood is, het sy pyn begin kry en krom gebuig, en haar
kind is gebore. Sy kon dit nie keer nie.

20Sy het begin sterf, en die vroue by haar het gesê: "Jy moenie bekommerd wees nie,
jy het 'n seun gekry." Sy het nie geantwoord nie, en dit het gelyk of sy hulle nie hoor
nie.

21Sy het gesê die seun se naam moet Ikabod wees, want die Here is weg uit die land
Israel. Sy het dit gesê omdat die Filistyne die kis van God gevat het en omdat haar
skoonpa en haar man dood is.

22Sy het gesê: "Ja, die Here is weg uit die land Israel, want die Filistyne het die kis van
God gevat."

1 Samuel 5

Die verbondskis is by die Filistyne

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Die Filistyne het die verbondskis van God gevat en hulle het dit van die stad Eben-Haeser na die stad Asdod gebring.

2Hulle het die kis van God na die tempel van Dagon gebring en hulle het dit langs die beeld van Dagon neergesit.

3Toe die mense van Asdod die volgende oggend opstaan, sien hulle daar lê Dagon met sy gesig op die grond voor die kis van die Here. Hulle het vir Dagon geneem en hom regop gesit op sy plek.

4Toe hulle vroeg die volgende oggend opstaan, sien hulle daar lê Dagon weer met sy gesig op die grond voor die kis van die Here. Dagon se kop en sy twee hande het afgebreek en dit het by die drumpel van die deur gelê. Net Dagon se lyf het oorgebly.

5Dit is hoekom die priesters van Dagon en almal wat in die tempel van Dagon kom, tot vandag toe nie op die drumpel van die tempel trap nie.

6Die Here het die mense van Asdod baie swaar laat kry. Hy het hulle bang laat word en Hy het sere op hulle liggame laat kom. Die sere was op al die mense van Asdod, oral in hulle land.

7Toe hulle sien wat gebeur het, het die mense van Asdod gesê: “Die kis van die God van Israel moenie by ons bly nie, want Hy laat ons en ons god Dagon baie swaar kry.”

8Hulle het toe al die leiers van die Filistyne laat bymekaarkom en vir hulle gevra: “Wat moet ons doen met die kis van die God van Israel?” Die leiers het gesê: “Julle moet die kis van die God van Israel na die stad Gat neem.” Hulle het die kis van die God van Israel na Gat geneem,

9maar nadat hulle dit daarnatoe geneem het, het die Here almal in die stad baie bang laat word. Hy het almal in die stad, kinders en grootmense, siek laat word. Daar het sere op hulle gekom.

10Hulle het toe die kis van God na die stad Ekron gestuur, maar toe dit daar kom, het die mense van Ekron geskree en gesê: “Hulle het die kis van die God van Israel hiernatoe gebring om ons almal te laat sterf.”

11Hulle het toe al die leiers van die Filistyne laat bymekaarkom en vir hulle gesê: “Julle moet die kis van die God van Israel wegstuur, dit moet teruggaan na sy eie plek. As die kis hier bly, dan sal dit ons almal laat sterf.” Die mense van Ekron het dit gesê omdat almal in die stad bang was dat hulle sal sterf. God het hulle baie swaar laat kry.

12Die mense wat nie gesterf het nie, het sere op hulle liggame gehad. Almal het gekla en gesug en hulle het tot hulle gode gebid.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

1 Samuel 6

Die verbondskis gaan na Bet-Semes

1 Die kis van die Here was sewe jaar lank in die land van die Filistyne.

2 Toe het die Filistyne hulle priesters en waarsêers geroep en vir hulle gevra: “Wat moet ons doen met die kis van die Here? Sê vir ons wat ons moet saamstuur wanneer ons dit terugstuur na sy plek.”

3 Die priesters en die waarsêers het gesê: “Julle moenie die kis van die God van Israel terugstuur en niks daarmee saamstuur nie. Julle moet vir Hom ’n skuld-offer saam met die kis stuur. Dan sal julle gesond word en dan sal julle weet hoekom Hy julle so swaar laat kry het.”

4 Die Filistyne het gevra: “Wat is die skuld-offer wat ons vir Hom moet stuur?” En die priesters en waarsêers het gesê: “Julle moet vyf goue sere en vyf goue muise saamstuur, want die Filistyne het vyf leiers en hulle was almal ook siek soos julle.

5 Julle moet beelde van die sere maak en ook beelde van die muise wat alles in die land opvreet, en julle moet dit vir die God van Israel gee om Hom te eer. Miskien sal Hy julle en julle gode en julle land dan nie meer laat swaarkry nie.

6 Julle moenie wees soos die Egiptenaars en die farao nie. Hulle was hardkoppig, maar toe die Here hulle laat swaarkry, het hulle die Israeliete laat gaan.

7 Dit is wat julle nou moet doen: Julle moet ’n nuwe wa neem en twee koeie wat kalwers het en wat nog nooit ’n wa getrek het nie. Die koeie moet die wa trek, en julle moet die kalwers by die huis hou.

8 Dan moet julle die kis van die Here neem en julle moet dit op die wa sit. Julle moet die goue goed in die wa-kis sit langs die kant van die wa. Die goue goed is die skuld-offer wat julle moet saamstuur. Dan moet julle die wa en die koeie laat gaan.

9 Julle moet kyk waarnatoe die koeie en die wa gaan. As die wa gaan na die stad Bet-Semes in die land van die Here, dan sal ons weet dit is die Here wat ons so swaar laat kry het. As die wa nie daarnatoe gaan nie, dan sal ons weet dit is nie die Here wat ons laat swaarkry het nie, dit het sommer met ons gebeur.”

10 Die manne het dit toe gedoen. Hulle het twee koeie geneem wat kalwers het. Die koeie het die wa getrek, en die manne het die kalwers by die huis laat bly.

11 Hulle het die kis van die Here op die wa gesit en hulle het die goue muise en die beelde van die sere in die wa-kis gesit.

12 Die koeie het reguit geloop op die pad na Bet-Semes toe. Hulle het op die pad gebly en hulle het aangehou om te bulk. Hulle het nie links of regs gedraai nie, en die leiers van die Filistyne het agter hulle geloop tot waar die grond van Bet-Semes begin.

© Bible Society of South Africa.

13Die mense van Bet-Semes was besig om koring af te sny in die vallei. Toe hulle opkyk en hulle sien die kis, was hulle baie bly.

14Die wa het gekom tot by die grond van Josua van Bet-Semes, en daar het die wa gaan staan. Daar was ’n groot klip. Die mense van Bet-Semes het die hout van die wa stukkend gekap en hulle het die koeie ge-offer vir die Here.

15Die Leviete het die kis van die Here afgehaal van die wa, en ook die wa-kis wat daarby was en die goue goed wat daarin was. Hulle het dit op die groot klip neergesit. Die mense van Bet-Semes het daardie dag brand-offers en ander offers vir die Here gebring.

16Die vyf leiers van die Filistyne het dit gesien en hulle het dieselfde dag teruggegaan na die stad Ekron.

17Die skuld-offer wat die Filistyne vir die Here gestuur het, was vyf goue sere, een seer vir elke stad. Die stede was Asdod, Gasa, Askelon, Gat en Ekron.

18Die Filistyne het ook ’n goue muis gestuur vir elke stad waaroor die vyf leiers regeer het, die stede wat sterk mure het en ook die klein stadjies in die land. Die groot klip waarop die Leviete die kis van die Here neergesit het, is nou nog op die grond van Josua van Bet-Semes.

Die verbondskis gaan na Kirjat-Jearim

19Die mense van die stad Bet-Semes het gekyk na die kis van die Here, en toe het die Here 70 van hulle laat sterf. Die mense van Bet-Semes het gehuil en getreur omdat die Here so baie van hulle laat sterf het

20en hulle het gesê: “Wie kan naby die Here kom, naby hierdie heilige God? Waarnatoe kan ons die kis van die Here stuur?”

21Hulle stuur toe boodskappers na die mense van die stad Kirjat-Jearim en sê vir hulle: “Die Filistyne het die kis van die Here teruggebring. Julle moet dit kom haal en na julle toe neem.”

1 Samuel 7

1Die manne van Kirjat-Jearim het toe gekom en hulle het die kis na die huis van Abinadab gebring. Die huis was op die heuwel. Hulle het Abinadab se seun Eleasar gewy om die kis van die Here op te pas.

2Die kis van die Here het lank in Kirjat-Jearim gebly, dit was 20 jaar daar.

Die Israeliete oorwin die Filistyne

Al die Israeliete het gehuil en getreur en hulle het gevra dat die Here hulle moet help teen die Filistyne.

© Bible Society of South Africa.

3Samuel het vir al die Israeliete gesê: “As julle met julle hele hart terugkom na die
Here toe, en julle gooi die gode van ander volke weg en ook die Astartes, en as julle
net vir die Here lief is en julle dien net vir Hom, dan sal Hy julle red van die Filistyne.”

4Die Israeliete het toe die Baäls en die Astartes weggegooi en hulle het net vir die
Here gedien.

5Samuel het gesê: “Julle moet al die Israeliete by die stad Mispa laat bymekaarkom,
dan sal ek tot die Here bid vir julle.”

6Hulle het toe by Mispa bymekaargekom en water geskep en vir die Here drank-
offers uitgegooi. Hulle het daardie dag gevas en gesê: “Ons het sonde gedoen teen
die Here.” Samuel was die leier van die Israeliete in Mispa.

7Die Filistyne het gehoor dat die Israeliete in Mispa bymekaargekom het, en die
leiers van die Filistyne het na die Israeliete toe gekom. Toe die Israeliete dit sien, het
hulle bang geword vir die Filistyne

8en hulle het vir Samuel gesê: “Jy moenie ophou om vir ons te bid tot die Here ons
God nie. Jy moet vir Hom vra om ons te help en om ons te red van die Filistyne.”

9Samuel het ’n lam geneem wat nog aan sy ma gedrink het en hy het die lam ge-
offer. Dit was ’n brand-offer vir die Here. Samuel het gebid en gevra dat die Here
hulle moet help, en die Here het geluister na sy gebed.

10Samuel was besig om die brand-offer vir die Here te bring, toe kom die Filistyne
nader om oorlog te maak teen die Israeliete. Die Here het daardie dag ’n harde
donderslag oor die Filistyne laat slaan, en Hy het hulle baie bang laat word. Die
Israeliete het gewen teen die Filistyne.

11Die manne van Israel het uit Mispa gegaan en hulle het die Filistyne gevolg en
gejaag tot anderkant die stad Bet-Kar.

12Samuel het ’n klip geneem en hy het dit regop laat staan tussen Mispa en Sen. Hy
het die klip genoem Eben-Haeser, en gesê: “Die Here het ons tot hier gehelp.”

13Die Filistyne het die oorlog verloor en hulle het nie weer in die Israeliete se land
gekom nie. Die Here het die Filistyne laat swaarkry al die jare wat Samuel gelewe
het.

14Die Israeliete het die stede tussen Ekron en Gat teruggekry wat die Filistyne van
hulle gevat het. Daar was ook vrede tussen die Israeliete en die Amoriete.

Die volk wil ’n koning hê

15Samuel was die leier van die Israeliete al die jare wat hy gelewe het.

16Hy het elke jaar by die stede Bet-El en Gilgal en Mispa gekom en hy was by al
hierdie plekke die regter van die Israeliete.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Daarna het hy dan teruggegaan na Rama, want sy huis was daar en hy was daar ook die regter. Hy het daar in Rama ’n altaar gebou vir die Here.

1 Samuel 8

1Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns gekies en aangestel om regters te wees oor die Israeliete.

2Die oudste seun se naam was Joël, en die tweede seun se naam was Abia. Hulle was regters in Berseba.

3Maar Samuel se seuns het nie gedoen soos hy nie. Hulle het gedoen wat die beste was vir hulleself. Hulle het ook omkoopgeld geneem en nie reg ge-oordeel nie.

4Die leiers van die Israeliete het toe bymekaargekom. Hulle het na Samuel toe gegaan in Rama

5en vir hom gesê: “Kyk, jy is al oud, en jou seuns doen nie soos jy nie. Jy moet nou vir ons ’n koning kies en aanstel om oor ons te regeer, dit is so by al die ander volke.”

6Samuel het gedink die leiers doen baie verkeerd toe hulle gevra het dat ’n koning oor hulle moet regeer. Samuel het tot die Here gebid,

7en die Here het vir hom gesê: “Jy moet alles doen wat die volk wil hê, want dit is nie vir jóú wat hulle nie wil hê nie, dit is vir Mý wat hulle nie wil hê nie. Hulle wil nie hê dat Ek hulle Koning moet wees nie.

8Hulle het dit gedoen vandat Ek hulle uit Egipte gebring het tot vandag toe. Hulle het My gelos en hulle het ander gode gedien, en nou doen hulle dieselfde met jou.

9Maar nou moet jy doen wat hulle vra. Jy moet hulle net eers ernstig waarsku en vir hulle sê wat die koning alles mag doen, die koning wat oor hulle sal regeer.”

10Die volk wou ’n koning hê, en Samuel het vir hulle alles gesê wat die Here vir hom gesê het.

11Hy het gesê: “Die koning wat oor julle sal regeer, mag baie dinge doen: Hy sal julle seuns vat en hy sal hulle aanstel by sy oorlogkarre of om op sy perde te ry of om voor sy oorlogkar te hardloop.

12Hy sal party van julle seuns aanstel om offisiere te wees, om sy grond te ploeg en koring te saai en af te sny, om wapens te maak of die goed wat hy by sy oorlogkar gebruik.

13Hy sal julle dogters vat om vir hom salf te meng of om vir hom te bak en kos te kook.

14Hy sal julle beste lande en wingerde en olyfboorde vat en hy sal dit vir sy amptenare gee.

© Bible Society of South Africa.

15Hy sal ’n tiende van julle koring en julle druiwe vat en hy sal dit vir sy offisiere en sy amptenare gee.

16Hy sal julle beste slawe en slavinne en julle donkies vat en hy sal hulle gebruik om vir hom te werk.

17Hy sal ’n tiende van julle skape en bokke vat, en julle self sal sy slawe wees.

18Dan sal julle bid en vra dat die Here julle moet help teen die koning wat julle wou hê, maar die Here sal julle nie antwoord nie.”

19Maar die volk wou nie luister na Samuel nie. Hulle het gesê: “Nee, ons wil ’n koning hê.

20Ons wil wees soos al die ander volke. Ons koning moet oor ons regeer en hy moet ons lei wanneer ons oorlog maak.”

21Samuel het geluister na wat die volk sê en hy het dit vir die Here gesê.

22En die Here het vir Samuel gesê: “Jy moet doen wat hulle vra, jy moet vir hulle ’n koning kies en aanstel.” Samuel het toe vir die leiers van Israel gesê: “Julle moet teruggaan, elkeen na sy stad.”

1 Samuel 9

Saul word koning

1Daar was ’n man van die Benjamin-stam. Sy naam was Kis, en hy was die seun van Abiël seun van Serur seun van Bekorat seun van Afiag. Hy was ’n belangrike man in die Benjamin-stam.

2Kis het ’n seun gehad, die seun se naam was Saul. Saul was ’n mooi jongman, niemand van die Israeliete was mooier as hy nie, en hy was ’n kop langer as al die ander Israeliete.

3Kis se donkies het weggeraak, en hy het vir sy seun Saul gesê: “Jy moet asseblief een van die slawe saam met jou neem en julle moet die donkies gaan soek.”

4Saul en die slaaf het by die Efraim-berge verbygegaan en toe verby die Salisa-distrik, maar hulle het nie die donkies gekry nie. Toe het hulle verby die Saälim-distrik en verby die Jemini-distrik gegaan, maar hulle het die donkies ook nie daar gekry nie.

5Toe hulle in die Suf-distrik kom, sê Saul vir die slaaf by hom: “Kom ons gaan terug, my pa sal vergeet van die donkies en hy sal bekommerd word oor ons.”

6Die slaaf het vir Saul gesê: “Nee wag, daar is ’n man van God in hierdie stad. Die mense respekteer hom baie, want alles wat hy sê, gebeur soos hy gesê het. Kom ons gaan na hom toe, miskien kan hy vir ons sê waar ons moet soek.”

© Bible Society of South Africa.

7Toe sê Saul vir die slaaf: “Maar as ons gaan, wat kan ons vir die man saamneem? Want die brood in ons sakke is op. Wat het ons wat ons vir die man van God kan gee?”

8Die slaaf het geantwoord: “Ek het nog ’n kwart-sikkel silwer by my. Ek sal dit vir die man gee sodat hy vir ons kan sê waar ons moet soek.”

9Wanneer die mense in die volk Israel vir God iets wou vra, dan het hulle altyd gesê: “Kom ons gaan na die siener toe.” Hulle het die profete daardie tyd “sieners” genoem.

10Saul het vir die slaaf gesê: “Dit is goed, kom ons gaan.” Hulle het toe na die stad gegaan waar die man van God was.

11Terwyl hulle teen die heuwel opgaan na die stad, kry hulle meisies wat uitgaan om water te skep. Hulle het vir die meisies gevra: “Is die siener hier?”

12Die meisies het geantwoord: “Ja, hy is hier voor. Hy het vandag na die stad gekom, want die mense moet vandag ’n offer bring op die offer-plek. Julle moet gou maak.

13Wanneer julle by die stad kom, dan sal julle hom kry voordat hy na die offer-plek gaan om saam met die mense te gaan eet. Die mense eet nie voordat hy gekom het nie, want hý moet eers vir die Here dankie sê vir die offer-ete, en daarna eet die gaste. Maar julle moet nou gaan, dan sal julle hom daar kry.”

14Saul en die slaaf het toe na die stad gegaan, en toe hulle in die stad kom en begin rondkyk, kom Samuel daar aan om op te gaan na die offer-plek.

15Die dag voordat Saul gekom het, het die Here met Samuel gepraat en vir hom gesê:

16“Ek sal môre omtrent hierdie tyd ’n man na jou toe stuur uit die land Benjamin. Jy moet hom salf om koning te wees oor my volk Israel, sodat hy my volk kan red van die Filistyne. Want Ek het gesien hoe dit met my volk gaan, en Ek het gehoor toe hulle geskree het en gevra het dat Ek hulle moet help.”

17Toe Samuel vir Saul sien, het die Here vir Samuel gesê: “Hier is die man oor wie Ek met jou gepraat het. Dit is hý wat oor my volk sal regeer.”

18Samuel was in die poort en Saul het na hom toe gegaan. Saul het gevra: “Sê asseblief vir my waar is die siener se huis.”

19Samuel sê toe vir Saul: “Ek is die siener. Jy moet voor my loop na die offer-plek. Julle moet vandag saam met my eet. Ek sal jou môre-oggend laat gaan, en ek sal dan alles vir jou sê wat jy wil weet.

20Jy moenie bekommerd wees oor die donkies wat drie dae gelede weggeraak het nie. Die mense het hulle gekry. Maar al die Israeliete wag dat jy en jou familie hulle moet help.”

© Bible Society of South Africa.

21Saul het vir Samuel gesê: “Ek is van die Benjamin-stam, die kleinste van die stamme van Israel, en my familie is minder belangrik as al die ander families in die Benjamin-stam. Hoekom sê jy hierdie dinge vir my?”

22Samuel het Saul en sy slaaf saamgeneem en hy het hulle in die eetplek gebring. Daar was omtrent 30 gaste, en Samuel het vir Saul en sy slaaf laat sit op die belangrikste plekke.

23Samuel het vir die kok gesê: “Bring die vleis wat ek gesê het jy moet apart hou.”

24Die kok het die boud vleis gebring en hy het dit voor Samuel neergesit. Samuel het vir Saul gesê: “Kyk, ons het hierdie vleis apart gehou, ek sit dit voor jou neer. Jy moet dit eet, want ons het dit vir jou gebêre sodat jy dit vandag saam met die gaste kan eet.” Saul het toe daardie dag saam met Samuel geëet.

25Daarna het hulle van die offer-plek afgegaan na die stad. Samuel het op sy huis se dak met Saul gepraat.

26Hulle het die volgende dag vroeg opgestaan. Toe dit begin lig word, het Samuel vir Saul op die dak geroep en gesê: “Jy moet opstaan, ek wil jou laat gaan.” Saul het opgestaan, en hy en Samuel het uitgegaan buitetoe.

27Hulle het geloop en toe hulle amper uit die stad was, het Samuel vir Saul gesê: “Sê vir die slaaf hy moet verder gaan. Maar jý moet nou hier bly staan sodat ek vir jou kan sê wat God gesê het.”

1 Samuel 10

1Samuel neem toe ’n klein kruikie olyf-olie en hy gooi dit uit oor Saul se kop. Hy soen toe vir Saul en sê vir hom: “Die Here salf jou om koning te wees oor die volk wat aan Hom behoort.

2Wanneer jy vandag hier weggaan van my, dan sal jy twee mans kry by die graf van Ragel by die stad Selsag in die land Benjamin. Hulle sal vir jou sê die mense het die donkies gekry wat jy gaan soek het, en jou pa is nou nie meer bekommerd oor die donkies nie, hy is bekommerd oor julle. Jou pa vra: ‘Wat moet ek doen om my seun terug te kry?’

3En wanneer jy van daar af verder gaan, dan sal jy by die stad Elon-Tabor drie mans kry wat na die tempel in Bet-El gaan. Die een man dra drie bokkies, die een dra drie brode en die een dra ’n velsak wyn.

4Hulle sal vra hoe dit met jou gaan en hulle sal twee brode vir jou gee, en jy sal dit neem.

5Daarna sal jy kom by die stad Gibea-van-God. Daar is ’n groep Filistynse soldate wat wagstaan. Wanneer jy daar by die stad kom, dan sal jy ’n groep profete kry wat

© Bible Society of South Africa.

van die offer-plek kom. Hulle sal musiek maak met harpe, tamboeryne, fluite en liere en hulle sal soos profete praat.

6Dan sal die Gees van die Here in jou kom, en jy sal ook soos ’n profeet praat, jy sal verander en jy sal soos ’n ander man word.

7Wanneer al die dinge gebeur het wat ek vir jou gesê het, dan moet jy doen wat jy moet doen, want jy sal weet dat die Here by jou is.

8Jy moet voor my na Gilgal gaan, en ek sal na jou toe kom om brand-offers en ete-offers te bring. Jy moet sewe dae lank daar vir my wag, totdat ek vir jou kom sê wat jy moet doen.”

9Toe Saul omdraai om weg te gaan van Samuel, het God vir Saul heeltemal verander, en hy het soos ’n ander man geword. Alles wat Samuel gesê het, het daardie dag so gebeur.

10Toe Saul en die slaaf by Gibea kom, het daar ’n groep profete na hom toe gekom. Die Gees van God het in hom gekom, en hy het saam met die profete gepraat.

11Mense wat voorheen vir Saul geken het, en wat nou gesien het hy praat saam met die profete, was verbaas en hulle het vir mekaar gesê: “Wat het gebeur met die seun van Kis? Is Saul nou ook by die profete?”

12Iemand wat daar was, het ook nog gevra: “Van watter familie kom die profete?” Daarom sê die mense vandag nog: “Is Saul ook by die profete?”

13Toe Saul klaar soos ’n profeet gepraat het, het hy na die offer-plek gegaan.

14Sy oom het vir hom en sy slaaf gevra: “Waar was julle?” Saul het gesê: “Ons het die donkies gaan soek, en toe ons hulle nie kry nie, het ons na Samuel toe gegaan.”

15Toe sê Saul se oom: “Sê asseblief vir my wat het Samuel gesê.”

16Saul het vir sy oom gesê: “Hy het net vir ons gesê dat die mense die donkies gekry het.” Samuel het ook nog gesê dat Saul koning sal word, maar Saul het niks daarvan gesê nie.

17Samuel het die volk bymekaargeroep by die tempel in Mispa.

18Daar het hy vir die Israeliete gesê: “Die Here, die God van Israel, sê: ‘Ek het julle uit Egipte gebring en Ek het julle gered van die Egiptenaars en van al die volke wat julle verdruk het.’

19Maar julle het vandag vir julle God gesê dat julle Hom nie wil hê nie, Hy wat julle altyd red wanneer julle swaarkry en wanneer dit sleg gaan met julle. Julle het vir Hom gesê: ‘U moet ’n koning kies en U moet hom aanstel oor ons.’ Nou goed, kom staan nou voor die Here, elke stam en groep bymekaar.”

© Bible Society of South Africa.

[20]Samuel het toe al die stamme van Israel laat nader kom, en die Here het die Benjamin-stam gekies.

[21]Toe het hy die families van die Benjamin-stam laat nader kom, en die Here het die Matri-familie gekies. Daarna het die Here vir Saul seun van Kis gekies. Maar toe hulle vir Saul soek, kon hulle hom nie kry nie.

[22]Hulle het toe vir die Here gevra: “Is die man hier?” En die Here het gesê: “Ja, kyk, hy kruip weg tussen die sakke.”

[23]Hulle het toe gehardloop en vir Saul uitgebring. Toe hy tussen die mense staan, was hy ’n kop langer as al die ander mense.

[24]Samuel het vir al die mense gesê: “Julle sien die Here het hierdie man gekies. Nie een van die ander mense is soos hy nie.” Toe skree al die mense: “Ons bid dat die koning lank moet lewe!”

[25]Samuel het toe vir die mense gesê wat die koning alles mag doen, en Samuel het dit in ’n boek geskryf. Hy het die boek in die tempel neergesit. Daarna het hy die mense laat gaan, elkeen na sy huis.

[26]Saul het ook na sy huis in Gibea gegaan. Die Here het ’n paar manne laat besluit om saam met Saul te gaan.

[27]Party slegte mense het gesê: “Hierdie man kan niks doen vir ons nie.” Hulle het hom nie gerespekteer nie en hulle het nie presente vir hom gebring nie. Maar Saul het gemaak of hy nie hoor wat hulle sê nie.

1 Samuel 11

Saul maak oorlog teen die Ammoniete

[1]Nagas die Ammoniet het sy tente opgeslaan by die stad Jabes in Gilead. Hy wou oorlog maak teen die mense van die stad. Die leiers van die mense in Jabes het vir Nagas gesê: “As jy ’n ooreenkoms maak met ons, dan mag jy oor ons regeer.”

[2]Die Ammoniet Nagas het vir hulle gesê: “Ek sal ’n ooreenkoms maak met julle, maar ek sal eers elkeen van julle se regter-oog uitsteek, want ek wil hê al die Israeliete moet skaam wees vir julle.”

[3]Die leiers van die mense in Jabes het vir Nagas gesê: “Los ons sewe dae lank sodat ons boodskappers kan stuur deur die hele land Israel. As niemand ons red nie, dan sal ons uitkom na jou toe en ’n ooreenkoms maak.”

[4]Toe die boodskappers in die stad Gibea-van-Saul kom en vir die mense daar alles vertel, het al die mense hard begin huil.

© Bible Society of South Africa.

5Saul het dieselfde tyd uit die veld teruggekom met die beeste en hy vra toe: “Hoekom huil die mense?” Hulle het vir hom vertel wat die manne van Jabes kom sê het.

6Toe Saul dit hoor, het die Gees van God in hom gekom. Saul was baie kwaad.

7Hy het ’n paar beeste gevat en hy het hulle in stukke gesny. Hy het die stukke met boodskappers gestuur na al die plekke in die land Israel. Die boodskappers moes vir die mense sê: “Julle almal moet kom om saam met Saul en Samuel te gaan. As iemand nie kom nie, dan sal ons sy beeste ook so in stukke sny.” Die mense het groot geskrik en hulle het almal gekom.

8Saul het hulle by die stad Besek laat bymekaarkom en hy het hulle getel. Daar was 300 000 manne van Israel en 30 000 manne van Juda.

9Saul het vir die boodskappers wat gekom het, gesê: “Julle moet vir die mense van Jabes in Gilead sê dat ek hulle môre sal red wanneer die son warm is.” Toe die boodskappers by die mense van Jabes kom en dit vir hulle vertel, was hulle baie bly

10en hulle het vir die Ammoniete gesê: “Môre sal ons uitkom na julle toe, en dan kan julle met ons doen wat julle wil.”

11Saul het die volgende oggend sy manne in drie groepe verdeel. Hulle het vroeg die oggend in die Ammoniete se kamp ingekom en hulle het die Ammoniete oorwin. Hulle het aangehou veg tot die middag, en hulle het die Ammoniete wat oorgebly het, na al die kante toe gejaag, daar was nie twee wat bymekaar gebly het nie.

12Die manne het toe vir Samuel gesê: “Wie het gesê Saul moenie hulle koning wees nie? Gee daardie manne, ons wil hulle doodmaak.”

13Maar Saul het gesê: “Ons sal vandag niemand doodmaak nie, want die Here het vandag die Israeliete gered.”

14Daarna het Samuel vir die manne gesê: “Kom ons gaan na die stad Gilgal en ons maak weer vir Saul koning.”

15Al die manne het toe na Gilgal gegaan en hulle het daar by die tempel vir Saul koning gemaak. Hulle het daar ete-offers vir die Here gebring, en Saul en al die manne van Israel het baie gelukkig gevoel.

1 Samuel 12

Samuel groet die volk

1Samuel het vir al die Israeliete gesê: “Kyk, ek het alles gedoen wat julle gevra het en ek het ’n koning gekies en aangestel om oor julle te regeer.

2Daarom is die koning nou hier en hy lei julle. Ek is oud, en my seuns is hier by julle. Dit is ek wat julle gelei het vandat ek jonk was tot nou toe.

© Bible Society of South Africa.

3Hier is ek. Sê vir my wat ek verkeerd gedoen het, sê dit waar die Here en sy gesalfde dit kan hoor. Wie se bees of donkie het ek gevat? Aan wie het ek slegte dinge gedoen en vir wie het ek laat swaarkry? Van wie het ek omkoopgeld geneem sodat ek nie reg moet oordeel nie? Sê vir my, dan sal ek dit teruggee."

4Die Israeliete het gesê: "Jy het nie slegte dinge aan ons gedoen nie, jy het ons nie laat swaarkry nie, jy het van niemand iets gevat nie."

5Toe sê Samuel vir hulle: "Die Here en sy gesalfde koning is getuies. Julle kan my nie beskuldig nie, ek het niks verkeerd gedoen nie." Hulle het gesê: "Dit is waar."

6Daarna het Samuel vir die volk gesê: "Die Here het vir Moses en Aäron leiers gemaak en dit is Hy wat julle voorvaders uit die land Egipte gebring het.

7Kom staan nou hier sodat ek vir julle kan vertel hoe goed die Here was vir julle en julle voorvaders, die Here moet dit hoor.

8Nadat Jakob in Egipte gekom het, het julle voorvaders tot die Here gebid en hulle het gevra dat Hy hulle moet help. Die Here het vir Moses en Aäron gestuur, en hulle het julle voorvaders uit Egipte gebring en hier laat woon.

9Maar julle voorvaders het hulle God die Here vergeet, en toe het die Here vir Sisera gebring om oorlog te maak teen die Israeliete. Sisera was die hoof van die leër van Hasor. Die Here het ook die Filistyne en die koning van Moab gebring om oorlog te maak teen die Israeliete.

10Die Israeliete het tot die Here gebid en gevra dat Hy hulle moet help. Hulle het gesê: 'Ons het sonde gedoen, want ons het weggegaan van die Here en ons het die Baäls en die Astartes gedien. Maar U moet ons nou red van ons vyande, dan sal ons vir U dien.'

11Die Here het toe vir Jerub-Baäl gestuur en vir Bedan en Jefta en Samuel, en Hy het julle gered van julle vyande rondom julle, sodat julle veilig kon woon.

12Maar toe julle sien koning Nagas van die Ammoniete wil oorlog maak teen julle, het julle vir my gesê: 'Nee, daar moet 'n koning wees om oor ons te regeer.' Maar julle Koning is julle God die Here.

13En nou, hier is die koning wat julle gekies en gevra het. En hier het die Here vir julle 'n koning gegee.

14Dit sal goed gaan met julle as julle die Here respekteer en dien en doen wat Hy wil hê, as julle nie opstandig is teen wat Hy vir julle sê nie, en as julle altyd julle God die Here volg, julle en julle koning wat oor julle regeer.

15Maar as julle nie doen wat die Here wil hê nie en as julle opstandig is teen wat Hy vir julle sê, dan sal Hy teen julle wees soos Hy teen julle voorvaders was.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Maar nou moet julle hier kom staan sodat julle self kan sien watter groot ding die Here sal doen.

17Dit is nou die tyd om die koring af te sny, dit is nie reëntyd nie. Maar ek sal tot die Here bid, en Hy sal donderweer en reën stuur, sodat julle sal weet en sien dat julle ’n baie verkeerde ding gedoen het teen die Here toe julle gesê het julle wil ’n koning hê.”

18Samuel het tot die Here gebid, en die Here het daardie dag donderweer en reën gestuur. Die hele volk het baie bang geword vir die Here en vir Samuel.

19Al die mense het vir Samuel gesê: “Jy moet tot jou God die Here bid en vra dat ons nie sal sterf nie, want ons het baie sondes gedoen, en nou het ons ook nog hierdie verkeerde ding gedoen om ’n koning te vra.”

20Samuel het vir die volk gesê: “Julle moenie bekommerd wees nie. Julle het ál hierdie verkeerde dinge gedoen, maar julle moenie weggaan van die Here nie, julle moet Hom dien met julle hele hart.

21Julle moenie weggaan van Hom nie, want dan gaan julle na die afgode toe wat niks beteken nie en wat nie kan help en red nie.

22Want die Here sal nie sy volk los nie, Hy wil hê dat almal moet weet dat Hy die Groot God is. Ja, Hy het besluit dat julle sy volk moet wees.

23En ek, julle moenie dink dat ek sonde sal doen teen die Here nie, ek sal nie ophou om vir julle te bid nie, ek sal vir julle leer om reg te lewe.

24Maar dan moet julle die Here eer en julle moet Hom waarlik dien met julle hele hart, en julle moet onthou dat Hy groot dinge gedoen het vir julle.

25Maar as julle aanhou om verkeerde dinge te doen, dan sal die Here julle én julle koning wegvee.”

1 Samuel 13

Saul sal nie koning bly nie

1Saul was ’n jong man toe hy koning geword het en hy het twee jaar lank oor die Israeliete regeer.

2Hy het drie groepe manne gekies uit die Israeliete. Twee groepe was by Saul by die stad Mikmas en op die berg by Bet-El, en een groep was by Jonatan by die stad Gibea in die land Benjamin. Saul het die ander manne laat teruggaan na hulle huise.

3Jonatan het die Filistyne oorwin wat by die stad Geba moes wagstaan, en die ander Filistyne het gehoor wat gebeur het. Saul het toe gesê sy manne moet ramshorings blaas oral in die land en hulle moet vir die Hebreërs sê dat hulle moet luister.

© Bible Society of South Africa.

4Al die Israeliete het gehoor dat Saul die Filistyne oorwin het wat waggestaan het. Hulle het ook gehoor dat die Filistyne nou baie kwaad is vir die Israeliete. Daarom het Saul gesê die manne moet bymekaarkom by die stad Gilgal.

5Die Filistyne het ook bymekaargekom om oorlog te maak teen die Israeliete. Hulle het 1 000 oorlogkarre en 6 000 manne op perde gehad en nog baie ander manne, so baie soos die sand langs die see. Hulle het gekom en hulle het hulle tente opgeslaan by die stad Mikmas naby Bet-Awen.

6Die Israeliete het besef dat hulle probleme het. Daarom het hulle weggekruip in grotte en tussen doringbosse en rotse, en in plekke onder die grond en in gate.

7Party

Hebreërs het oor die Jordaan-rivier gegaan na die land Gad en die land Gilead. Saul was nog in Gilgal, en al die manne by hom was baie bang.

8Samuel het gesê Saul moet sewe dae vir hom wag, en Saul het dit gedoen. Maar Samuel het nie na Gilgal gekom nie. Toe Saul se manne begin wegloop,

9het hy gesê: “Bring vir my die brand-offer en die ete-offers.” Saul offer toe self die brand-offer.

10En toe hy klaar die brand-offer ge-offer het, het Samuel daar aangekom. Saul het gegaan om hom te ontmoet en te groet.

11Samuel het gevra: “Wat het jy gedoen?” Saul het gesê: “Jy het gesê ek moet sewe dae vir jou wag, maar jy het nie gekom nie. Ek het gesien die manne begin wegloop. Die Filistyne is bymekaar in Mikmas,

12en ek het gedink hulle sal hier na Gilgal kom voordat ek vir die Here ’n offer gebring het en vir Hom gevra het om te help. Ek het toe self die brand-offer ge-offer.”

13Samuel het vir Saul gesê: “Jy het ’n verkeerde ding gedoen, jy het nie gedoen wat jou God die Here gesê het nie. As jy gehoorsaam was, dan sou die Here jou lank laat regeer het oor die Israeliete.

14Maar nou sal jy nie lank koning wees nie. Die Here het vir Hom ’n man gesoek van wie Hy hou. Die Here het gesê daardie man sal koning word oor sy volk, want jy het nie gedoen wat die Here gesê het nie.”

15Samuel het toe opgestaan en hy het weggegaan van Gilgal. Hy het na die stad Gibea in die land Benjamin gegaan. Saul het die manne getel wat by hom was. Daar was omtrent 600 manne.

16Hy en sy seun Jonatan en die manne by hulle het in Gibea in die land Benjamin gebly. Die Filistyne se tente was in Mikmas.

© Bible Society of South Africa.

17Drie groepe Filistyne het uit hulle kamp gekom om alles te vat wat hulle kon kry. Een groep het met die Ofra-pad na die distrik Sual gegaan,

18een groep het met die Bet-Goron-pad gegaan, en een groep het gegaan na die plekke bokant die Seboïm-vallei naby die woestyn.

19In die hele land Israel was daar nie een ambagsman nie, want die Filistyne het gesê: “As hier ambagsmanne is, dan sal die

Hebreërs swaarde en spiese laat maak.”

20Al die Israeliete moes na die Filistyne toe gaan om hulle ploeg-ysters en pikke en byle te laat skerpmaak.

21Hulle moes vir die Filistyne een derde sikkel silwer gee vir elke ploeg-yster en pik en vurk en byl wat hulle skerpgemaak het, ook vir die punte van die stokke waarmee hulle die beeste aangejaag het.

22Daarom het nie een van die manne by Saul en Jonatan ’n swaard of ’n spies gehad toe die oorlog begin het nie. Net Saul en sy seun Jonatan het ’n swaard en ’n spies gehad.

Jonatan oorwin ’n groep Filistyne

23’n Groep Filistyne het na die bergpas by die stad Mikmas gegaan.

1 Samuel 14

1Eendag het Jonatan seun van Saul vir sy wapendraer gesê: “Kom, ek wil hê ons moet die Filistyne gaan aanval wat daar oorkant wagstaan.” Jonatan het nie vir sy pa vertel wat hy wou doen nie.

2Saul het onder ’n granaatboom gesit wat in Migron was, naby die stad Gibea. Daar was omtrent 600 manne by hom. Hulle het ook nie geweet dat Jonatan gegaan het nie.

3Agija het die skouer-kleed aangehad. Hy was die seun van Agitub, die broer van Ikabod. Ikabod was die seun van Pinehas, en Pinehas was die seun van Eli, die priester van die Here in Silo.

4Jonatan moes oor die bergpas gaan om by die groep Filistyne te kom. Daar was ’n skerp rots langs elke kant van die bergpas. Die naam van die een rots was Boses en die naam van die ander rots was Senne.

5Die een rots het soos ’n pilaar gestaan, langs die noordekant van die bergpas, naby Mikmas, en die ander rots was langs die suidekant van die bergpas, naby Geba.

6Jonatan het vir sy wapendraer gesê: “Kom ons gaan op na daardie heidene toe. Miskien sal die Here ons help, want niks kan die Here keer wanneer Hy iemand wil red nie. Hy gebruik baie mense of min mense.”

© Bible Society of South Africa.

7Jonatan se wapendraer het vir hom gesê: “Jy moet alles doen wat jy dink is reg. Gaan, en ek sal doen wat jy doen.”

8Toe sê Jonatan: “Wanneer ons opgaan na hulle toe, dan moet ons só loop dat hulle ons sien.

9As hulle vir ons sê: ‘Bly daar, ons kom na julle toe,’ dan moet ons staan waar ons is, ons moenie opgaan na hulle toe nie.

10Maar as hulle vir ons sê: ‘Kom op na ons toe,’ dan moet ons opgaan, want dit sal vir ons wys dat die Here ons sal laat wen teen hulle.”

11Jonatan en sy wapendraer het só geloop dat die Filistyne kon sien hulle kom, en die Filistyne het gesê: “Kyk, daar kom Hebreërs uit die gate waar hulle weggekruip het.”

12Die manne van die groep Filistyne het vir Jonatan en sy wapendraer gesê: “Kom op na ons toe, ons sal vir julle wys wie is die sterkste.” Toe sê Jonatan vir sy wapendraer: “Kom saam met my, want die Here sal ons laat wen teen hulle.”

13Jonatan het op sy hande en voete opgeklim en sy wapendraer het agter hom gekom. Jonatan het die Filistyne met sy swaard gekap, en hulle het op die grond geval, en sy wapendraer het die Filistyne agter Jonatan doodgemaak.

14Jonatan en sy wapendraer het daardie eerste dag omtrent 20 Filistyne doodgemaak. Die grond waarop hulle die Filistyne doodgemaak het, was omtrent so groot soos ’n halwe ploeg-akker.

15Die Filistyne in die kamp het almal baie bang geword, en die Filistyne wat goed moes bymekaarmaak om weg te vat, het gebewe. Almal in die land was baie bang, want hulle het groot geskrik.

Die Israeliete oorwin die Filistyne

16Saul se wagte in Gibea in die land Benjamin het gesien dat die Filistyne vlug en dat hulle heen en weer hardloop.

17Saul het gesê: “Tel hoeveel manne hier is en kyk wie is nie hier nie.” Hulle het getel, en hulle het gesien Jonatan en sy wapendraer was nie daar nie.

18Saul het vir die priester Agitub gesê: “Bring die kis van God nader.” Die kis was daardie dag by die Israeliete.

19Maar Saul was besig om met die priester te praat, toe hoor hulle die Filistyne skree harder en harder en hulle sien dat die Filistyne heen en weer hardloop. Saul sê toe vir die priester: “Los die kis.”

20Saul en al die manne het geskree om die oorlog te begin en hulle het gegaan om die Filistyne aan te val. Die Filistyne was besig om mekaar dood te maak, en alles was baie deurmekaar.

© Bible Society of South Africa.

21Die Hebreërs wat voorheen saam met die Filistyne was en wat saam met hulle gekom het om oorlog te maak, het nou na die Israeliete toe gekom wat by Saul en Jonatan was.

22Al die Israeliete wat weggekruip het in die Efraim-berge, het gehoor dat die Filistyne gevlug het. Hulle het ook die Filistyne gevolg en gejaag.

23Die Here het die Israeliete daardie dag gered. Hulle het oorlog gemaak tot verby die stad Bet-Awen.

Saul sê dat iemand wat voor die aand eet, moet sterf

24Toe die manne van Israel daardie dag nader kom, het Saul gewaarsku en gesê: "Ek vervloek die man wat voor vanaand eet, hy sal sterf, want ek wil eers my vyande straf." Nie een van die manne het toe daardie dag geëet nie.

25Hulle het in 'n bos gekom, en daar was heuning in die grond.

26Toe die manne in die bos kom, sien hulle daar drup baie heuning, maar niemand het daarvan geëet nie, want hulle was bang vir wat Saul gesê het.

27Maar Jonatan het nie gehoor toe sy pa dit vir die manne gesê het nie. Hy het 'n kierie by hom gehad. Hy het die kierie se punt in die heuning gesteek en hy het die heuning afgelek. Hy het dadelik baie beter gevoel.

28Een van die manne het vir hom gesê: "Jou pa het gesê die manne mag nie vandag eet nie, en die man wat eet, sal sterf. Nou is die manne swak van die honger."

29Jonatan het gesê: "My pa bring die dood oor die land. Kyk, ek het van die heuning geproe en ek voel nou baie beter.

30As die manne vandag geëet het van die goed wat hulle gevat het van die vyande, dan sou dit met hulle ook baie beter gegaan het. Maar nou het hulle nie baie Filistyne doodgemaak nie."

31Die Israeliete het daardie dag teen die Filistyne geveg van die stad Mikmas tot by Ajalon, en hulle was baie moeg.

32Die manne het van die skape en bokke en beeste gevang wat hulle gevat het van die Filistyne. Hulle het die diere op die grond geslag en hulle het die vleis geëet wat vol bloed was.

33Iemand het vir Saul gaan sê: "Jy moet kyk, die manne doen sonde teen die Here, hulle eet vleis wat vol bloed is." Saul het gesê: "Julle is ontrou aan die Here. Julle moet vandag 'n groot klip hiernatoe rol.

34Dan moet julle vir al die manne sê elkeen moet sy bees of sy skaap bring en hy moet dit hier slag en eet. Hulle moenie sonde doen teen die Here nie, hulle moenie vleis eet wat vol bloed is nie." Al die manne het toe in die nag hulle diere gebring en daar geslag.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

35Saul het ’n altaar vir die Here gebou. Dit was die eerste maal dat hy ’n altaar vir die Here gebou het.

Die manne red vir Jonatan

36Daarna het Saul gesê: “Kom ons gaan vannag en ons veg teen die Filistyne en vat hulle goed. Ons moet aanhou tot die oggend, ons moenie een van hulle laat aanhou lewe nie.” Die manne het gesê: “Jy moet doen wat jy dink is reg.” Maar die priester het gesê: “Ons moet eers hier voor God kom staan en vir Hom vra wat ons moet doen.”

37Saul het toe vir God gevra: “Moet ons die Filistyne gaan aanval? Sal U ons laat wen teen hulle?” Maar God het daardie dag nie vir Saul geantwoord nie.

38Saul het toe gesê: “ Offisiere, julle moet hiernatoe kom, ons moet uitvind wie hierdie sonde gedoen het.

39Want die man wat die sonde gedoen het, sal sterf, dit is seker, so seker soos die Here lewe, Hy wat vandag vir Israel gered het. Die man sal sterf, ook as dit my seun Jonatan is.” Nie een van die manne het hom geantwoord nie.

40Hy het vir al die Israeliete gesê: “Julle moet hier staan, en ek en my seun Jonatan sal daar anderkant staan.” Die manne het vir Saul gesê: “Jy moet doen wat jy dink is reg.”

41Saul het vir die Here gesê: “God van Israel, sê vir ons die waarheid, sê wie is skuldig.” Die Here het gesê dit is Jonatan of Saul, nie die manne nie.

42Toe sê Saul vir die priester: “Vra nou wie is skuldig, ek of my seun Jonatan.” Die Here het gesê dit is Jonatan.

43Saul sê toe vir Jonatan: “Vertel vir my wat jy gedoen het.” Jonatan het vir hom gesê: “Ek het net ’n bietjie heuning geproe wat aan die punt van my kierie was. Hier is ek, ek sal sterf.”

44Toe sê Saul: “Jonatan, so seker soos die Here lewe, jy moet sterf.”

45Maar die manne het vir Saul gesê: “Moet Jonatan sterf? Nee, nooit nie! Dit is hý wat die Israeliete gehelp het om te wen! So seker soos die Here lewe, daar sal nie een haar van Jonatan se kop op die grond val nie, want God het hom gehelp.” So het die manne vir Jonatan gered. Hy het nie gesterf nie.

46Saul het opgehou om die Filistyne te jaag, en die Filistyne het teruggegaan na hulle land.

Saul maak oorlog teen die vyande van die Israeliete

47Nadat Saul koning geword het oor die Israeliete, het hy oorlog gemaak teen al sy vyande rondom die land Israel: teen die Moabiete, die Ammoniete, die Edomiete, die konings van die land Soba, en die Filistyne. Hy het oral gewen teen die vyande.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

48Hy het sy manne geneem en hulle het die Amalekiete oorwin. So het hy die
Israeliete gered van almal wat altyd hulle goed kom vat het.

49Saul se seuns was Jonatan, Jiswi en Malki-Sua, en sy twee dogters se name was
Merab en Mikal.

50Saul se vrou was Aginoam dogter van Agimaäs. Die hoof van Saul se leër was
Abner. Abner se pa was Ner. Ner was Saul se oom.

51Saul se pa was Kis. Kis en Ner was die seuns van Abiël.

52Die oorlog teen die Filistyne het aangehou so lank soos Saul koning was, en hy het
elke man wat kon oorlog maak, saam met hom geneem.

1 Samuel 15

Saul sal nie meer koning wees nie

1Samuel het vir koning Saul gesê: “Die Here het my gestuur om jou te salf sodat jy
koning kan wees oor sy volk Israel. Nou moet jy luister na wat die Here sê.

2Die Here wat oor alles regeer, sê: Ek het gesien wat die Amalekiete aan die
Israeliete gedoen het. Hulle het die Israeliete aangeval toe die Israeliete uit Egipte
gekom het.

3Nou moet jy die Amalekiete gaan aanval en oorwin, en jy moet alles doodmaak wat
hulle het. Jy moenie jammer wees vir hulle nie, jy moet almal doodmaak: mans en
vroue, kinders en babas, beeste, skape, kamele en donkies.”

4Saul het toe die manne laat roep en hy het hulle laat bymekaarkom in Telaim. Daar
was 200 000 manne van Israel en 10 000 manne van Juda.

5Saul het gekom tot by die stad van die Amalekiete. Hy en die manne het in die vallei
weggekruip en hulle het vir die Amalekiete gewag.

6Saul het vir die Keniete ’n boodskap gestuur. Hy het gesê: “Julle moet weggaan van
die Amalekiete, julle moenie by hulle bly nie. Dan sal ons julle nie doodmaak saam
met die Amalekiete nie, want julle het goed gedoen aan die Israeliete toe hulle uit
Egipte gekom het.” Die Keniete het toe weggegaan van die Amalekiete,

7en Saul het die Amalekiete aangeval. Hy het hulle oorwin, van die land Gawila tot by
Sur, oos van Egipte.

8Hy het Agag, die koning van die Amalekiete, lewendig gevang maar hy het al die
ander Amalekiete doodgemaak.

9Saul en die manne het Agag laat lewe, en ook die beste en vetste skape, bokke en
beeste. Hulle wou nie al die goeie diere doodmaak nie. Hulle het al die maer en swak
diere doodgemaak.

10Die Here het vir Samuel gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11“Ek is jammer dat Ek vir Saul koning gemaak het, want hy was ontrou, hy het nie gedoen wat Ek gesê het nie.” Samuel was baie bekommerd en ontsteld. Hy het die hele nag tot die Here gebid en gevra dat die Here hom moet help.

12Hy het vroeg die oggend opgestaan om Saul te gaan ontmoet. Iemand het vir Samuel gesê: “Saul het na Karmel-berg gekom, en weet jy wat het hy gedoen? Hy het vir homself ’n gedenkteken ingeplant. Daarna het hy verder gegaan na die stad Gilgal.”

13Samuel het na Saul toe gegaan, en Saul het vir hom gesê: “Ek bid dat die Here dit goed sal laat gaan met jou. Ek het gedoen wat die Here gesê het.”

14Toe sê Samuel: “Maar hoekom hoor ek skape en bokke blêr en beeste bulk?”

15Saul het gesê: “Die manne het die diere van die Amalekiete gevat. Hulle het die beste skape en bokke en beeste laat lewe om dit te offer vir jou God die Here. Hulle het al die ander diere doodgemaak.”

16Samuel sê toe vir Saul: “Bly stil. Ek sal vir jou sê wat die Here gisteraand vir my gesê het.” Saul het gesê: “Goed, ek luister.”

17Toe sê Samuel: “Jy het gesê jy is nie ’n belangrike man nie, maar jy is nou die hoof van die stamme van Israel. Die Here het jou gesalf en Hy het jou koning oor Israel gemaak.

18Die Here het jou gestuur en Hy het gesê jy moet die sondaars, die Amalekiete, gaan doodmaak, jy moet teen hulle gaan oorlog maak totdat jy hulle almal doodgemaak het.

19Hoekom het jy nie gedoen wat die Here vir jou gesê het nie? En hoekom het jy so vinnig hulle goed gaan vat en iets gaan doen waarvan die Here nie hou nie?”

20Saul het vir Samuel gesê: “Maar ek hét gedoen wat die Here gesê het, ek hét gegaan toe Hy my gestuur het. Ek het vir Agag, die koning van die Amalekiete, hiernatoe gebring, maar ek het al die Amalekiete doodgemaak.

21En die manne het van die skape en bokke en beeste gevat om hulle vir jou God die Here hier in Gilgal te offer. Dit is die beste van die diere wat gewy was en wat hulle moes doodmaak.”

22Samuel het gesê: “Wat dink jy is vir die Here die belangrikste: Dat jy brand-offers vir Hom moet bring, of dat jy doen wat Hy vir jou sê? Jy moet dit weet: Dit is beter om gehoorsaam te wees as om te offer, dit is beter om te luister na Hom as om die vet van ramme te offer.

23Want iemand wat opstandig is, doen ook sonde soos waarsêers sonde doen. En iemand wat ongehoorsaam is, doen ook sonde soos mense wat afgodsbeeldjies

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

het." "Jy het nie gedoen wat die Here vir jou gesê het nie, daarom het Hy besluit dat jy nie meer koning sal wees nie."

24Saul het vir Samuel gesê: "Ek het sonde gedoen, ek het nie gedoen wat die Here en jy vir my gesê het nie. Ek was bang vir die manne en ek het gedoen wat hulle gevra het.

25Maar nou vra ek: Jy moet asseblief my sonde vergewe en saam met my teruggaan, sodat ek tot die Here kan bid."

26Maar Samuel het vir Saul gesê: "Ek sal nie saam met jou teruggaan nie, want jy het nie gedoen wat die Here vir jou gesê het nie, en die Here sal jou nie meer koning laat wees nie."

27Samuel het omgedraai om te gaan, maar Saul het aan Samuel se bo-kleed vasgehou, en die bo-kleed het geskeur.

28Toe sê Samuel vir Saul: "Jy was koning oor die Israeliete, maar vandag het die Here dit van jou afgeskeur en weggeneem en Hy het dit gegee vir iemand wat beter is as jy.

29En ook, die Ewige God van Israel is nie vals nie en Hy verander nie sy besluite nie, want Hy is nie soos 'n mens wat sy besluite verander nie."

30Toe sê Saul: "Ek het sonde gedoen, maar jy moet my asseblief respekteer voor die offisiere en voor die Israeliete. Jy moet saam met my teruggaan, sodat ek tot die Here kan bid."

31Samuel het toe saam met Saul teruggegaan, en Saul het tot die Here gebid.

32Daarna het Samuel gesê: "Julle moet vir Agag, die koning van die Amalekiete, na my toe bring." Agag het na Samuel toe gekom. Agag was nie bekommerd nie. Hy het gesê: "Ek is seker hulle sal my nie doodmaak nie, ek is nie meer bang nie."

33Maar Samuel het gesê: "Jy het vroue se kinders doodgemaak, en daarom sal jou ma ook nie meer 'n kind hê nie." Samuel het toe vir Agag in stukke gekap daar by die tempel.

34Samuel het daarna na die stad Rama gegaan, en Saul het na sy huis gegaan in die stad Gibea-van-Saul.

35Samuel het nooit weer vir Saul gesien nie. Maar Samuel het oor Saul gehuil en getreur. Die Here was jammer dat Hy vir Saul koning gemaak het oor die Israeliete.

1 Samuel 16

Samuel salf vir Dawid

1Die Here het vir Samuel gesê: "Jy moenie aanhou huil en treur oor Saul nie. Ek het besluit hy sal nie meer koning wees oor Israel nie. Jy moet jou horing vol olyf-olie

© Bible Society of South Africa.

maak en gaan. Ek stuur jou na Isai toe in die stad Betlehem. Ek het gesien een van sy seuns kan die koning wees wat Ek wil hê."

2Samuel het gesê: "Ek kan nie gaan nie. As Saul dit hoor, dan sal hy my doodmaak." Die Here het gesê: "Jy moet 'n jong koei saam met jou neem en jy moet sê jy het gekom om vir die Here te offer.

3En dan moet jy vir Isai uitnooi na die offer. Ek sal dan vir jou sê wat jy moet doen. Jy moet die persoon salf wat Ek vir jou sê."

4Samuel het gedoen wat die Here gesê het. Toe hy in Betlehem kom, het die leiers van die stad hom kom ontmoet. Hulle was bang en hulle het gevra: "Kom jy om iets te doen wat goed is vir ons?"

5Hy het gesê: "Ja, ek het gekom om vir die Here te offer. Julle moet julle reinig en julle moet saam met my kom offer." Samuel het ook vir Isai en sy seuns gereinig en hy het hulle uitgenooi na die offer.

6Toe hulle kom, en Samuel sien vir Eliab, het hy gedink: Ja, dit is die gesalfde wat hier voor die Here staan.

7Maar die Here het vir Samuel gesê: "Jy moenie na Eliab se gesig kyk en kyk hoe lank hy is nie. Eliab is nie die man wat Ek gekies het nie, want die Here kyk nie na dieselfde dinge as mense nie. Mense kyk hoe iemand lyk, maar die Here kyk wat in iemand se hart is."

8Daarna het Isai vir Abinadab geroep en hy het hom voor Samuel laat verbyloop, maar Samuel het gesê: "Die Here het hom ook nie gekies nie."

9Isai het toe vir Samma laat verbyloop, maar Samuel het gesê: "Die Here het hom ook nie gekies nie."

10Isai het sy sewe seuns by Samuel laat verbyloop, maar Samuel het vir Isai gesê: "Die Here het nie een van hulle gekies nie."

11Samuel vra toe vir Isai: "Het jy nog ander seuns?" Isai het gesê: "Daar is nog een seun, hy is die jongste, maar hy pas die skape en bokke op." Samuel het vir Isai gesê: "Jy moet hom laat kom, want ons sal nie begin eet voordat hy hier is nie."

12Isai het vir Dawid laat kom. Dawid het baie gesond gelyk. Hy het mooi oë gehad en hy kon goed sien. Die Here het gesê: "Jy moet opstaan en hom salf, want hy is die regte een."

13Samuel het die horing met die olyf-olie daarin geneem en hy het vir Dawid gesalf. Sy broers het dit gesien. Die Gees van die Here het van daardie dag af in Dawid gekom. Samuel het gereedgemaak en teruggegaan na Rama.

Dawid maak vir Saul musiek op die lier

© Bible Society of South Africa.

14Die Gees van die Here het weggegaan van Saul, en ’n bose gees wat van die Here gekom het, het vir Saul laat swaarkry.

15Sy amptenare het vir hom gesê: “Ons sien dat ’n bose gees wat van God kom, jou laat swaarkry.

16Koning, jy moet sê, dan sal ons iemand soek wat vir jou musiek kan maak op die lier. Wanneer die bose gees in jou kom, dan moet die persoon musiek maak op die lier, dan sal dit beter gaan met jou.”

17Saul het vir sy amptenare gesê: “Goed. Kyk of julle iemand kan kry wat goed musiek kan maak, en bring hom na my toe.”

18Een van die amptenare het toe gesê: “Ek het gesien een van Isai van Betlehem se seuns kan goed musiek maak op die lier. Hy is ’n belangrike man en hy kan goed oorlog maak en goed praat. Hy is mooi en die Here is by hom.”

19Saul het toe boodskappers na Isai toe gestuur en gesê: “Jou seun Dawid is by die skape en bokke, jy moet hom na my toe stuur.”

20Isai het brood en ’n velsak wyn op ’n donkie gelaai en hy het dit en ’n bok-lam saam met Dawid vir Saul gestuur.

21Dawid het na Saul toe gekom en hy het vir Saul begin werk. Saul het baie lief geword vir Dawid, en Dawid het Saul se wapendraer geword.

22Saul het vir Isai ’n boodskap gestuur en gevra: “Mag Dawid asseblief by my bly en vir my werk, want ek hou van hom.”

23Elke maal wanneer die bose gees wat van God gekom het, in Saul gekom het, dan het Dawid die lier geneem en musiek gemaak. Dan het Saul rustig geword en beter gevoel, en die bose gees het weggegaan van hom.

1 Samuel 17

Die Filistyn Goliat

1Die Filistyne het hulle manne laat bymekaarkom om oorlog te maak. Hulle het bymekaargekom by die stad Soko in die land Juda, en hulle het hulle tente opgeslaan by die stad Efes-Dammim, tussen Soko en Aseka.

2Saul en die manne van Israel het ook bymekaargekom. Hulle het hulle tente opgeslaan in die vallei waar die groot boom is, en hulle het in rye gereedgestaan om oorlog te maak teen die Filistyne.

3Die Filistyne was teen een berg, en die Israeliete was teen ’n ander berg. Daar was ’n klein vallei tussen hulle.

4’n Voorvegter het uit die Filistyne se kamp gekom. Sy naam was Goliat en hy het uit die stad Gat gekom. Hy was ses el en ’n span lank.

© Bible Society of South Africa.

5Op sy kop was ’n helm van brons en hy het ’n harnas van brons-plate aangehad.
Die harnas het 5 000 sikkels geweeg.

6Om sy bene was brons-plate, en ’n brons-spies het tussen sy skouers gehang.

7Die houtsteel van sy spies was so groot soos die balk van ’n weefstoel, en die
ysterlem van die spies het 600 sikkels geweeg. Voor hom het ’n man geloop wat
sy skild gedra het.

8Goliat het gaan staan. Hy het vir die Israeliete geskree en hy het gesê: “Hoekom
kom staan julle in rye om oorlog te maak? Ek is ’n Filistyn en julle is die mense wat vir
Saul werk. Julle moet ’n man kies en julle moet hom na my toe laat kom.

9As hy teen my kan veg en as hy my wen, dan sal ons julle slawe wees. Maar as ek
beter is as hy en as ek hom wen, dan sal julle ons slawe wees en julle sal vir ons
werk.”

10Die Filistyn het gesê: “Ek sê nou vir julle: Julle Israeliete beteken niks. Julle moet vir
my ’n man stuur sodat ons teen mekaar kan veg.”

11Saul en al die Israeliete het gehoor wat die Filistyn sê, en hulle het geskrik en baie
bang geword.

Dawid kom na die kamp van die Israeliete

12Dawid was die seun van ’n man uit Efrat, by die stad Betlehem in die land Juda. Die
man se naam was Isai, en hy het ag seuns gehad. Isai was al oud toe Saul koning was.

13Sy drie oudste seuns het saam met Saul gaan oorlog maak. Hulle was Eliab, die
oudste seun, en Abinadab en Samma.

14Dawid was die jongste seun. Sy drie oudste broers het saam met Saul gegaan.

15Dawid was partymaal by Saul, en partymaal by Betlehem om sy pa se skape en
bokke op te pas.

16Die Filistyn Goliat het 40 dae lank elke oggend en aand nader gekom na Saul en sy
manne toe en hy het gereedgestaan om te veg.

17Isai het vir sy seun Dawid gesê: “Jy moet asseblief hierdie efa gebraaide koring en
hierdie tien brode neem en jy moet dit vir jou broers in die kamp bring.

18En hierdie tien stukke kaas moet jy vir hulle offisier bring. Jy moet kyk hoe dit met
jou broers gaan en jy moet iets saambring wat vir my sal wys dat hulle nog lewe.”

19Saul en die broers van Dawid en die manne van Israel was in die vallei waar die
groot boom is. Hulle was daar om oorlog te maak teen die Filistyne.

20Dawid het vroeg die volgende oggend opgestaan en hy het die skape en bokke by
’n skaapwagter gelos. Hy het toe gegaan en gedoen wat Isai gesê het en hy het by die

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

kamp gekom. Die manne was besig om in rye te gaan staan en hulle het geskree dat die oorlog moet begin.

21Die Israeliete het in rye gaan staan, en die Filistyne het oorkant die Israeliete in rye gaan staan.

22Dawid het die goed wat hy saamgebring het, gelos by die man wat die goed moes oppas, en hy het na die rye manne toe gehardloop. Toe hy daar kom, het hy vir sy broers gevra hoe dit gaan.

23Die voorvegter se naam was Goliat. Hy het vorentoe gekom terwyl Dawid besig was om met sy broers te praat. Goliat was ’n Filistyn wat uit die stad Gat gekom het. Hy het weer gespog, soos voorheen, en Dawid het dit gehoor.

24Al die manne van Israel het teruggestaan toe hulle die man sien. Hulle was baie bang.

25Hulle het gesê: “Sien julle hierdie man wat vorentoe kom? Hy kom om vir die Israeliete te sê dat hulle niks beteken nie. Die koning sal die man wat hom wen, baie ryk maak. Die koning sal ook sy dogter met die man laat trou, en die man se familie sal nie meer vir die koning moet werk soos die ander Israeliete nie.”

26Dawid het vir die manne wat by hom gestaan het, gevra: “Wat sal die koning doen vir die man wat hierdie Filistyn wen sodat hy nie meer die Israeliete sal spot nie? Want wie is hierdie Filistyn? Hy is ’n heiden. Hoekom sê hy die soldate van die God wat lewe, beteken niks?”

27Die manne het vir Dawid gesê wat die koning sal doen vir die man wat die Filistyn oorwin.

28Dawid se oudste broer Eliab het gehoor toe Dawid met die manne praat. Eliab het kwaad geword vir Dawid en hy het gesê: “Hoekom het jy hiernatoe gekom, en by wie het jy daardie skape en bokke in die veld gelos? Ek weet jy is parmantig en skelm. Jy het net gekom om te kyk hoe ons veg.”

29Dawid het gesê: “Wat het ek verkeerd gedoen? Ek het net gevra.”

30Dawid het weggedraai van Eliab. Hy het dieselfde vir die ander manne gevra, en hulle het vir hom dieselfde geantwoord.

Dawid maak vir Goliat dood

31Party manne het gehoor wat Dawid sê, en hulle het dit vir koning Saul gaan vertel. Saul het vir Dawid laat roep.

32Dawid het vir Saul gesê: “Niemand moet bang wees vir hierdie Filistyn nie. Ek sal teen hom gaan veg.”

33Saul het vir Dawid gesê: “Jy kan nie teen hom gaan veg nie, want jy is ’n kind en hy is ’n man wat oorlog maak vandat hy jonk was.”

© Bible Society of South Africa.

34Dawid het vir Saul gesê: “Ek was ’n wagter by my pa se skape en bokke, en
wanneer ’n leeu of ’n beer gekom het en een van die skape weggedra het,

35dan het ek hom gejaag en hom geslaan en die skaap uit sy bek geruk. En wanneer
hy my wou byt, dan het ek hom aan sy baard gegryp en hom doodgeslaan.

36Ek het leeus én bere oorwin, en hierdie Filistyn, hierdie heiden, sal soos een van
hulle wees, want hy het gesê die manne van die God wat lewe, beteken niks.”

37Dawid het gesê: “Die Here wat my gered het van leeus en bere, dit is Hy wat my sal
red van hierdie Filistyn.” Saul het vir Dawid gesê: “Goed, jy mag gaan. Ek bid dat die
Here jou sal help.”

38Saul het toe sy klere geneem en hy het dit vir Dawid gegee om aan te trek. Saul het
sy helm van brons op Dawid se kop gesit en hy het gesê Dawid moet die harnas
aantrek.

39Dawid het sy swaard bo-oor die klere vasgemaak met ’n belt en hy het probeer
loop, want hy het dit nog nooit gedoen nie. Maar toe sê hy vir Saul: “Ek kan nie met
hierdie swaar goed loop nie, ek het dit nog nooit gedoen nie.” Dawid het toe Saul se
klere uitgetrek.

40Hy het sy kierie geneem en hy het vyf gladde klippe in die sloot gaan soek. Hy het
dit in sy skaapwagter-sak gesit. Toe het hy nader gegaan na die Filistyn toe en hy het
sy slingervel in sy hand vasgehou.

41Die Filistyn het nader gekom na Dawid toe. Die man wat sy skild gedra het, was
voor hom.

42Toe die Filistyn vir Dawid sien, het hy gedink Dawid beteken niks, want Dawid was
’n jong seun. Hy was gesond en mooi.

43Die Filistyn het vir Dawid gesê: “Dink jy ek is ’n hond? Hoekom kom jy met ’n kierie
na my toe? Ek vervloek jou, my gode sal jou laat sterf.”

44Hy het vir Dawid gesê: “Kom hier, ek sal jou vleis vir die voëls en die wilde diere
gee.”

45Dawid het vir die Filistyn gesê: “Jy kom na my toe met ’n swaard en met spiese,
maar ek kom na jou toe omdat die Here my gestuur het, die Here wat oor alles
regeer. Hy is die God van die manne van Israel. Jy het gesê hulle beteken niks.

46Vandag sal die Here my laat wen teen jou, en ek sal jou oorwin en jou kop afkap. Ek
sal die dooie liggame van die Filistyne vir die voëls en die wilde diere gee. Al die
mense op die aarde sal weet daar is ’n God in die land Israel.

47Almal wat hier bymekaar is, sal weet dat dit die Hére is wat mense red. Hy gebruik
nie swaarde en spiese wanneer Hy hulle red nie. Dit is Hý wat besluit wat gebeur in
’n oorlog en Hy sal ons laat wen teen julle.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

48Toe die Filistyn gereedmaak en nader kom om teen Dawid te veg, het Dawid vinnig
vorentoe gehardloop om by hom te kom.

49Dawid het ’n klip uit sy sak gehaal en hy het dit met die slingervel gegooi. Hy het
die klip so hard teen die Filistyn se voorkop gegooi, dat dit in sy kop ingegaan het.
Die Filistyn het op sy gesig op die grond geval.

50Dawid het net die slingervel en een klip gebruik, maar hy was sterker as die Filistyn.
Hy het die Filistyn oorwin en hy het hom doodgemaak, en hy het nie ’n swaard in sy
hand gehad nie.

51Dawid het gehardloop en by die Filistyn gaan staan. Hy het die Filistyn se swaard
uit sy leersak getrek en hy het hom doodgemaak en sy kop afgekap. Toe die Filistyne
sien dat hulle held dood is, het hulle gevlug.

52Die manne van Israel het die Filistyne gejaag tot waar ’n mens by die vallei kom, en
tot by die poorte van die stad Ekron. Baie Filistyne was dood en hulle het gelê op die
pad na die stad Saärajim en tot by die stede Gat en Ekron.

53Die Israeliete het toe opgehou om die Filistyne te jaag en hulle het teruggekom en
die goed in die Filistyne se kamp gevat.

54Dawid het die Filistyn se kop gevat en hy het dit na Jerusalem gebring, maar hy het
die Filistyn se wapens in sy eie tent gaan sit.

55Toe Saul gesien het Dawid gaan om met die Filistyn te veg, het hy vir Abner,
die hoof van die leër, gevra: “Abner, wie se seun is daardie jongman?” Abner het
geantwoord: “Nee, koning, ek weet glad nie.”

56Die koning het gesê: “Jy moet uitvind wie se seun hy is.”

57Nadat Dawid die Filistyn oorwin het, het hy teruggekom en Abner het hom na die
koning toe gebring. Dawid het die Filistyn se kop in sy hand vasgehou.

58Saul het vir hom gevra: “Jongman, wie is jou pa?” En Dawid het gesê: “My pa is Isai
van Betlehem.”

1 Samuel 18

Jonatan en Dawid maak ’n ooreenkoms

1Nadat Dawid klaar gepraat het met Saul, het Jonatan baie van Dawid begin hou. Hy
was lief vir Dawid, so lief soos hy vir homself was.

2Saul het gesê Dawid moet altyd by hom bly, hy moenie weer teruggaan na sy pa se
huis nie.

3Jonatan en Dawid het ’n ooreenkoms gemaak, want Jonatan was baie lief vir
Dawid, so lief soos hy vir homself was.

© Bible Society of South Africa.

4Jonatan het sy bo-kleed en sy ander klere uitgetrek en hy het dit vir Dawid gegee, en ook sy swaard en sy pyl en boog en sy belt.

5Dawid het oral gegaan waar Saul hom gestuur het, en dit het goed gegaan met hom. Saul het hom gekies om die hoof te wees oor die manne wat moes oorlog maak, en die manne en ook Saul se amptenare was bly daaroor.

Saul word Dawid se vyand

6Nadat Dawid die Filistyn oorwin het, het Saul en sy manne teruggekom, en toe het daar iets gebeur. Die vroue het uit al die stede van Israel na koning Saul toe gekom. Hulle het gesing en gedans en musiek gemaak met tamboeryne en driehoeke. Hulle was vrolik,

7hulle het gelag en gesing en hulle het gesê: “Saul het duisende manne oorwin, maar Dawid het tienduisende oorwin.”

8Saul het baie kwaad geword, hy het niks daarvan gehou nie. Hy het gesê: “Hulle sê Dawid het tienduisende manne oorwin, maar ek het net duisende oorwin. As hulle so aanhou praat, dan sal hy die koning word in my plek.”

9Daarom het Saul van daardie dag goed gekyk of Dawid iets verkeerd doen.

10Die volgende oggend het ’n bose gees in Saul gekom. Saul het soos ’n profeet gepraat, en Dawid het musiek gemaak soos hy voorheen gedoen het. Saul se spies was in sy hand,

11en hy het die spies na Dawid gegooi, hy wou vir Dawid teen die muur vassteek met die spies. Hy het die spies twee maal gegooi, maar elke maal het Dawid weggespring.

12Saul het bang geword vir Dawid, want die Here was by Dawid en Hy was nie meer by Saul nie.

13Saul het vir Dawid weggestuur van hom. Hy het vir Dawid ’n offisier oor 1 000 manne gemaak, en Dawid het die manne gelei. Dit het oral goed gegaan met Dawid.

14Die Here was by hom.

15Saul het gesien dat dit baie goed gaan met Dawid, en hy het bang geword vir Dawid.

16Al die manne van Israel en Juda het lief geword vir Dawid, want hy het hulle gelei.

17Saul het vir Dawid gesê: “Hier is my oudste dogter Merab. Ek gee haar vir jou om jou vrou te wees. Maar ek wil hê jy moet ’n dapper man wees en jy moet die oorloë van die Here veg.” Saul het gedink: Ek wil nie self vir Dawid doodmaak nie, die Filistyne sal dit doen.

18Maar Dawid het vir Saul gesê: “Ek en my familie is nie belangrike mense nie. Ek kan nie die koning se skoonseun word nie.”

© Bible Society of South Africa.

19 En toe die tyd kom dat Merab met Dawid moes trou, het Saul haar laat trou met
Adriël van Megola.

20 Maar Saul se dogter Mikal was verlief op Dawid, en toe Saul dit hoor, het hy gedink
dit is goed.

21 Hy het gedink: Ek sal haar vir Dawid gee, maar ek sal dit só doen dat die Filistyne
hom kan doodmaak. Saul het toe ’n tweede maal vir Dawid gesê Dawid kan sy
skoonseun word.

22 Saul het vir sy amptenare gesê hulle moet privaat met Dawid praat en hulle moet
vir hom sê: “Luister, die koning hou van jou, en al sy amptenare is lief vir jou. Jy moet
nou die koning se skoonseun word.”

23 Toe Saul se amptenare dit vir Dawid sê, het Dawid gesê: “Ek is ’n arm man, ek is nie
belangrik nie. Dink julle iemand soos ek kan die koning se skoonseun word?”

24 Saul se amptenare het vir Saul vertel wat Dawid gesê het,

25 en Saul het gesê hulle moet vir Dawid sê: “Die koning wil net een bruidsprys hê, hy
wil 100 voorhuide van Filistyne hê, want hy wil sy vyande straf.” Saul se plan was dat
die Filistyne vir Dawid moes doodmaak.

26 Die amptenare het vir Dawid gaan sê wat die koning gesê het, en Dawid het gesê
dit is goed, hy sal die koning se skoonseun word. Dawid het nie lank gewag nie.

27 Hy het gereedgemaak en gegaan, hy en sy manne, en hulle het 200 Filistyne
doodgemaak. Hy het die voorhuide gebring en hy het dit alles vir die koning gegee
sodat hy die koning se skoonseun kon word. Saul het toe sy dogter Mikal met Dawid
laat trou.

28 Saul het gesien en geweet dat die Here by Dawid is. Saul het ook gesien dat sy
dogter Mikal lief is vir Dawid.

29 Daarom was Saul toe nóg banger vir Dawid en hy was Dawid se vyand sy hele lewe
lank.

30 Die leiers van die Filistyne het baie maal gekom om oorlog te maak, maar elke maal
het Dawid hulle oorwin. Dawid het hulle meer male oorwin as al die ander
amptenare van Saul. Almal het vir Dawid gerespekteer.

1 Samuel 19

Saul belowe hy sal nie vir Dawid doodmaak nie

1 Saul het vir sy seun Jonatan en vir al sy amptenare gesê hulle moet vir Dawid
doodmaak. Maar Saul se seun Jonatan het baie van Dawid gehou.

© Bible Society of South Africa.

2Jonatan het vir Dawid gewaarsku. Hy het vir Dawid gesê: “My pa Saul wil jou
doodmaak. Jy moet nou baie versigtig wees. Jy moet môre gaan wegkruip, niemand
moet weet waar jy is nie.

3Ek sal kom en saam met my pa in die veld gaan staan naby die plek waar jy is en ek
sal met my pa praat oor jou, sodat ek kan weet wat hy wil doen. Dan sal ek dit vir jou
sê.”

4Jonatan het by die koning gesoebat oor Dawid. Hy het gesê: “Koning, jy moet
asseblief nie iets verkeerd doen aan Dawid nie, want hy het nie iets verkeerd gedoen
teen jou nie. Alles wat Dawid gedoen het, was baie goed vir jou.

5Hy het geweet dit is baie gevaarlik om teen die Filistyn te veg, maar hy het dit
gedoen en hy het die Filistyn oorwin. Die Here het toe vir al die manne van Israel ver
laat wen. Koning, jy het dit gesien en jy was bly. Hoekom wil jy nou verkeerd doen en
vir Dawid doodmaak? Hy is onskuldig, hy het niks gedoen waaroor jy hom moet
doodmaak nie.”

6Saul het geluister na wat Jonatan gesê het en hy het belowe: “So seker soos die
Here lewe, niemand sal vir Dawid doodmaak nie.”

7Jonatan het toe vir Dawid geroep en hy het alles vir hom vertel, en hy het vir Dawid
teruggebring na Saul toe. Alles was toe weer soos dit voorheen was.

Dawid vlug na Rama

8Daar was weer oorlog, en Dawid het teen die Filistyne gaan veg. Hulle het hard
geveg en Dawid het die Filistyne oorwin. Die Filistyne het gevlug.

9’n Bose gees wat van die Here gekom het, het in Saul gekom. Saul het in sy huis
gesit, en sy spies was in sy hand. Dawid het musiek gemaak.

10Saul het probeer om vir Dawid teen die muur vas te gooi met sy spies, maar Dawid
het weggespring, en Saul het die spies teen die muur vasgegooi. Dawid het gevlug en
hy het daardie nag weggekom.

11Saul het manne na Dawid se huis gestuur om by sy huis wag te staan en om Dawid
in die oggend dood te maak, maar Dawid se vrou Mikal het vir Dawid gewaarsku. Sy
het vir hom gesê: “Jy moet vannag vlug om jou lewe te red, anders sal hulle jou môre
doodmaak.”

12Mikal het vir Dawid deur die venster laat afsak, en hy het weggegaan en gevlug en
weggekom.

13Mikal het ’n beeld geneem en sy het dit op die bed gesit. Sy het ’n stuk bokvel om
die beeld se kop gedraai en sy het die beeld toegemaak met klere.

14-15Saul het manne gestuur om vir Dawid te vang, en Mikal het vir hulle gesê: “Hy is
siek.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Toe die manne by die bed kom, sien hulle dat daar ’n beeld lê met ’n stuk bokvel
om die kop.

17Saul het vir Mikal gesê: “Hoekom het jy my so bedrieg? Jy het my vyand laat gaan
sodat hy kon wegkom.” Mikal het vir Saul gesê: “Hy het vir my gesê ek moet hom laat
gaan, anders sal hy my doodmaak.”

18Dawid het gevlug en weggekom. Hy het by Samuel in Rama gekom en hy het vir
Samuel alles vertel wat Saul aan hom gedoen het. Hy en Samuel het toe in die
profete-kamp gaan bly.

19Saul het gehoor dat Dawid in die profete-kamp by Rama is,

20en hy het manne gestuur om vir Dawid te vang. Maar toe die manne die groep
profete sien, en hulle hoor hoe die profete praat en hulle sien Samuel is die
leier, het die Gees van God in Saul se manne gekom, en hulle het ook soos profete
begin praat.

21Die mense het dit vir Saul gaan vertel, en hy het ander manne gestuur. Maar hulle
het ook soos profete begin praat. Saul het die derde maal manne gestuur, en hulle
het ook soos profete gepraat.

22Toe gaan Saul self na Rama, en toe hy by die groot watergat kom wat by Seku is,
vra hy: “Waar is Samuel en Dawid?” Iemand het vir hom gesê: “Hulle is hier by Rama
in die profete-kamp.”

23Saul het na die profete-kamp by Rama gegaan, en die Gees van God het ook in Saul
gekom. Hy het ook soos ’n profeet geloop en praat totdat hy in die profete-kamp by
Rama gekom het.

24Hy het sy klere uitgetrek en hy het daar by Samuel soos ’n profeet gepraat. Hy het
daardie hele dag en nag daar kaal gelê. Dit is hoekom die mense sê: “Is Saul ook by
die profete?”

1 Samuel 20

Jonatan sê vir Dawid wat Saul wil doen

1Dawid het uit die profete-kamp by Rama gevlug en hy het na Jonatan toe gegaan.
Hy het vir Jonatan gesê: “Wat het ek verkeerd gedoen? Wat het ek gedoen teen jou
pa? Watter fout het ek gemaak? Hoekom wil jou pa my doodmaak?”

2Jonatan het gesê: “Jy sal nie sterf nie, dit is seker. My pa sê vir my alles wat hy wil
doen. Hoekom sal hy hierdie ding vir my wegsteek? Dit is nie waar nie.”

3Maar Dawid het gesê: “Nee, dit is seker. Jou pa weet baie goed jy hou van my, en hy
het gedink jy moenie hiervan weet nie, dan sal jy nie sleg voel nie. Maar so seker
soos die Here lewe en so seker soos jy lewe, ek is baie naby die dood.”

© Bible Society of South Africa.

4Jonatan het vir Dawid gesê: “Jy moet vir my sê wat jy wil hê, dan sal ek dit doen.”

5En Dawid het vir Jonatan gesê: “Jy weet, môre is Nuwemaan-fees, en dan moet ek saam met die koning eet. Maar jy moet my laat gaan, sodat ek in die veld kan gaan wegkruip tot oormôre-aand.

6As jou pa sien ek is nie daar nie, dan moet jy sê: ‘Dawid het vir my gesoebat om gou na sy stad Betlehem te gaan, want sy hele familie gaan om die offer te bring wat hulle elke jaar moet bring.’

7As jou pa sê dit is goed, dan is ek veilig, maar as hy baie kwaad word, dan moet jy weet hy het klaar besluit om my dood te maak.

8Maar jy moet onthou dat ek en jy ’n ooreenkoms gemaak het, en die Here is die getuie daarvan. As ek verkeerd gedoen het, dan moet jy self vir my doodmaak. Jy moet my nie na jou pa toe bring nie.”

9Jonatan het gesê: “Dit sal nooit gebeur nie. As ek weet my pa het vas besluit om jou dood te maak, dan sal ek dit vir jou sê.”

10Toe vra Dawid: “Wie sal vir my sê of jou pa se antwoord sleg is vir my?”

11Jonatan het vir Dawid gesê: “Kom ons gaan na die veld.” Hulle twee het veld toe gegaan,

12en Jonatan het vir Dawid gesê: “So seker soos die Here, die God van Israel, lewe, ek sal oormôre hierdie selfde tyd vir my pa vra, en as sy antwoord goed is vir jou, dan sal ek dit dadelik vir jou laat weet.

13En as my pa besluit het om jou dood te maak, dan sal ek ook vir jou laat weet. Ek sal jou laat weggaan sodat jy veilig kan wees. Die Here moet my straf as ek dit nie doen nie. En ek bid dat die Here by jou sal wees soos Hy by my pa was.

14As ek dan nog lewe, dan moet jy onthou ons het ’n ooreenkoms gemaak, en die Here is die getuie daarvan. Dan sal ek nie sterf nie.

15En wanneer die Here al jou vyande laat sterf, dan moet jy altyd onthou ons ooreenkoms is ook vir my nageslag.

16En wanneer iemand my saam met jou nageslag laat sterf, dan sal die Here jou vyande straf.”

17Jonatan het weer gesê Dawid moet dit belowe, want hy was lief vir Dawid. Hy was so lief vir Dawid soos hy vir homself lief was.

18Daarna het Jonatan vir Dawid gesê: “Môre is Nuwemaan-fees, en my pa sal sien jy is nie daar nie, want jou sitplek sal leeg wees.

19En oormôre moet jy kom en gaan wegkruip op die plek waar jy voorheen weggekruip het. Jy moet gaan sit by die Esel-klip.

© Bible Society of South Africa.

20Ek sal dan drie pyle verby die klip skiet. Ek sal maak of ek na iets skiet

21en ek sal die seun wat by my is, stuur om die pyle te gaan haal. As ek hard vir die seun sê: ‘Kyk, die pyle is tussen my en jou, bring hulle,’ dan moet jy kom, want dan is daar nie probleme nie, so seker soos die Here lewe.

22Maar as ek vir die seun sê: ‘Kyk, die pyle is daar anderkant jou,’ dan moet jy gaan, want dan stuur die Here jou weg.

23Maar onthou wat ons vir mekaar gesê het, ek en jy. Moenie dit vergeet nie, die Here is altyd die getuie dat ek en jy ’n ooreenkoms het.”

24Dawid het weggekruip in die veld. Dit was Nuwemaan-fees, en die koning het by die tafel gaan sit om te eet.

25Hy het gesit op die plek waar hy altyd gesit het, op die sitplek teen die muur. Jonatan het gestaan, en Abner het langs Saul gesit. Dawid se plek was leeg.

26Saul het daardie dag niks gesê nie, want hy het gedink iets het met Dawid gebeur wat hom onrein gemaak het.

27Maar die volgende dag, die tweede dag van die Nuwemaan-fees, was Dawid se plek weer leeg. Saul vra toe vir sy seun Jonatan: “Hoekom het die seun van Isai nie kom eet nie, nie gister nie en ook nie vandag nie?”

28Jonatan het vir Saul gesê: “Dawid het my gesoebat en gevra of hy na Betlehem kan gaan.

29Dawid het gesê: ‘Laat my asseblief gaan, want ons familie moet ’n offer bring, en my broer het gesê ek moet kom. As jy goed wil wees vir my, laat my dan asseblief gaan sodat ek my broers kan sien.’ Dit is hoekom Dawid nie na die koning se tafel gekom het nie.”

30Saul was kwaad vir Jonatan, hy het gesê: “Jy is soos die seun van ’n slegte en ontrou vrou! Ek weet jy wil vir die seun van Isai help teen my. Jy het jou eie naam en jou ma se naam sleg gemaak.

31Want jy sal nie koning kan word terwyl die seun van Isai lewe nie. Stuur nou dadelik manne om hom te gaan haal, hy moet sterf!”

32Jonatan vra toe vir sy pa Saul: “Hoekom moet hy sterf? Wat het hy gedoen?”

33Saul het sy spies na Jonatan gegooi. Hy wou hom raakgooi. Jonatan het toe geweet sy pa het vas besluit om vir Dawid dood te maak.

34Jonatan was baie kwaad en hy het opgestaan en weggegaan van die tafel. Hy het nie daardie tweede dag van die Nuwemaan-fees geëet nie. Hy was hartseer oor Dawid, want sy pa het gemaak of Dawid ’n slegte mens is.

© Bible Society of South Africa.

35Jonatan het die volgende oggend uitgegaan na die veld, na die plek waar hy gesê
het Dawid moet vir hom wag. Daar was ’n jong seun by Jonatan.

36Jonatan het vir die seun gesê: “Jy moet hardloop en asseblief die pyle soek wat ek
skiet.” Die seun het gehardloop, en Jonatan het ’n pyl verby hom geskiet.

37Toe die seun by die plek kom waarnatoe Jonatan die pyl geskiet het, het Jonatan
vir die seun geskree: “Die pyl is anderkant jou.”

38En Jonatan het vir die seun geskree: “Jy moet gou maak, jy moet hardloop, jy
moenie staan nie.” Die seun het die pyl opgetel en hy het na Jonatan toe gekom.

39Die seun het niks geweet nie, maar Jonatan en Dawid het geweet wat Jonatan se
woorde beteken.

40Jonatan het sy wapens vir die seun gegee en vir hom gesê: “Gaan neem dit na die
stad.”

41Toe die seun weg was, het Dawid opgestaan langs die Esel-klip waar hy weggekruip
het. Hy het drie maal gebuig en hy het met sy gesig teen die grond gaan lê. Dawid en
Jonatan het mekaar gesoen en hulle het gehuil. Dawid was baie hartseer.

42Toe het Jonatan vir Dawid gesê: “Ek hoop dit gaan goed met jou. Ons twee het vir
mekaar belowe en ons het die Here geroep om die getuie te wees. Ons het gesê: Ons
bid dat die Here altyd die getuie sal wees dat daar ’n ooreenkoms is tussen ons en
ons nageslagte.” Dawid het opgestaan en weggegaan, en Jonatan het na die stad
gegaan.

1 Samuel 21

Dawid kry brood en ’n swaard in Nob

1Dawid het in die stad Nob by die priester Agimelek gekom. Agimelek het geskrik toe
hy vir Dawid sien. Hy het vir Dawid gevra: “Hoekom is jy alleen? Hoekom is daar
niemand saam met jou nie?”

2Dawid het vir die priester Agimelek gesê: “Die koning het vir my gesê ek moet iets
gaan doen. Hy het gesê niemand moet weet waarnatoe hy my stuur en hoekom ek
moet gaan nie. Ek het vir my manne gesê waar hulle my moet kry.

3Maar het jy hier kos vir my? Gee vir my vyf brode of iets anders wat jy het.”

4Die priester het vir Dawid gesê: “Ek het nie gewone brood nie, hier is net gewyde
brood. Maar ek hoop die manne het nie kort gelede seks gehad nie.”

5Dawid sê toe vir die priester: “Nee, wanneer ons gaan oorlog maak, dan het die
manne nooit seks nie. Hulle wapens is ook gewyd. My manne is altyd gewyd
wanneer ons saam iets gaan doen. Hierdie is ’n spesiale werk wat ons doen, daarom
is hulle nog meer gewyd.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Die priester gee toe vir Dawid van die gewyde brood. Daar was nie ander brood nie,
daar was net die offer-brood wat die priester weggeneem het uit die tempel toe hy
dit omgeruil het om vars brood daar neer te sit.

7Een van Saul se amptenare moes daardie dag in die tempel bly. Sy naam was Doëg,
en hy was die hoof oor die wagters wat Saul se beeste en skape en bokke moes
oppas.

8Dawid het vir Agimelek gevra: “Het jy vir my ’n spies of ’n swaard? Ek kon nie my
swaard of ander wapens saambring nie, want ek moes haastig weggaan.”

9Die priester het gesê: “Hier is die swaard van die Filistyn Goliat wat jy oorwin het in
die vallei waar die groot boom is. Kyk, hier is dit toegedraai in ’n lap agter die
skouer-kleed. Neem dit as jy dit wil hê, hier is nie ’n ander swaard nie.” Dawid
het gesê: “Dit is die beste swaard. Gee dit vir my.”

Dawid kom by koning Akis in die stad Gat

10Dawid het daardie selfde dag nog verder weggevlug van Saul. Hy het na koning Akis
van die stad Gat gegaan.

11Akis se amptenare het vir hom gesê: “Dit is Dawid, die koning van die land. Dit is
die man vir wie die vroue gedans en gesing het. Hulle het gesê: “ ‘ Saul het duisende
manne oorwin, maar Dawid het tienduisende oorwin.’ ”

12Toe Dawid hoor wat die amptenare sê, het hy geskrik en hy het baie bang geword
vir koning Akis van Gat.

13Toe hy by die Filistyne kom, het hy gemaak of hy nie weet wat hy doen nie. Hy het
gemaak of hy mal is. Hy het met sy vingers op die deure van die poorte gekrap en hy
het spoeg in sy baard laat afloop.

14Akis het vir sy amptenare gesê: “Kyk daar, julle kan sien die man is mal. Hoekom
bring julle hom na my toe?

15Hier is baie mal mense. Hoekom bring julle hierdie mal man ook na my toe? Hierdie
man moenie in my huis kom nie.”

1 Samuel 22

Dawid in die land Moab

1Dawid het weggegaan van koning Akis en hy het in die Adullam-grot gaan wegkruip.
Sy broers en sy hele familie het gehoor dat hy daar is en hulle het na hom toe
gegaan.

2Almal wat probleme gehad het, het na Dawid toe gekom, en ook almal wat geld
geskuld het en almal wat kwaad was vir ander mense. Dawid was hulle leier, en daar
was omtrent 400 manne by hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Dawid het weggegaan van die Adullam-grot na die stad Mispe in Moab en hy het vir die koning van Moab gevra: “Mag my ouers asseblief by julle kom bly totdat ek weet wat God met my sal doen.”

4Dawid het vir sy ouers woonplek gekry by die koning van Moab, en hulle het daar gebly terwyl Dawid in die berge weggekruip het.

5Maar die profeet Gad het vir Dawid gesê: “Jy moenie aanhou om hier in die berge weg te kruip nie, jy moet na die land Juda gaan.” Dawid het toe gegaan en hy het in die Geret-bos gaan woon.

Saul laat die priesters in Nob doodmaak

6Saul het gehoor dat Dawid en sy manne in die Geret-bos is. Saul het by die stad Gibea op ’n hoë plek onder ’n tamariskboom gesit. Hy het sy spies in sy hand vasgehou, en al sy amptenare het by hom gestaan.

7Hy sê toe vir hulle: “Manne van die Benjamin-stam, julle moet luister: Dink julle Dawid sal ook vir julle almal koringlande en wingerde gee? Dink julle hy sal julle ook almal offisiere maak oor 1 000 manne of oor 100 manne?

8Julle het almal planne gemaak teen my. Niemand het vir my kom sê dat my seun ’n ooreenkoms gemaak het met die seun van Isai nie. Niemand van julle is bekommerd oor my nie. Niemand het vir my kom sê dat my seun vir Dawid, my amptenaar, opstandig gemaak het teen my nie. Dit is wat Dawid vandag doen, hy lê en wag om my aan te val.”

9Die Edomiet Doëg het by die amptenare van Saul gestaan. Hy het vir Saul gesê: “Ek het gesien Dawid seun van Isai het na die stad Nob gekom na Agimelek seun van Agitub toe.

10Agimelek het tot die Here gebid en gevra of dit goed sal gaan met Dawid en hy het vir Dawid padkos gegee. Hy het ook die swaard van die Filistyn Goliat vir Dawid gegee.”

11Die koning het toe vir Agimelek seun van Agitub en sy hele familie laat roep. Hulle was die priesters in Nob en hulle het almal na die koning toe gekom.

12Saul het gesê: “Seun van Agitub, luister.” Agimelek het gesê: “Ek luister, Meneer.”

13Saul vra toe vir Agimelek: “Hoekom het julle planne gemaak teen my, jy en die seun van Isai? Jy het vir hom kos en ’n swaard gegee en jy het vir die Here gevra of dit goed sal gaan met hom. Daarom is hy opstandig en daarom wil hy veg teen my. Hy lê vandag en wag om my aan te val.”

14Agimelek sê toe vir die koning: “Maar ’n mens kan vir Dawid glo, ’n mens kan hom meer glo as vir jou ander amptenare. Hy is jou skoonseun en hy is die hoof oor die mense wat jou moet oppas. Almal in jou familie respekteer hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Dit is ook nie die eerste maal dat ek tot die Here bid en vra of dit goed sal gaan met Dawid nie. Nee, die koning moenie dink dat ek en my familie iets gedoen het wat verkeerd is nie, want ek het niks geweet van planne teen jou nie, heeltemal niks."

16Maar die koning het gesê: "Agimelek, jy moet sterf, dit is seker, jy en jou hele familie."

17Die koning sê toe vir die manne wat by hom staan: "Julle moet die priesters aanval en julle moet hulle doodmaak, want hulle het ook vir Dawid gehelp. Hulle het geweet dat hy vlug en hulle het dit nie vir my kom sê nie." Maar die amptenare van die koning wou nie die priesters van die Here aanval en doodmaak nie.

18Die koning sê toe vir Doëg: "Dan moet jý die priesters aanval." Die Edomiet Doëg het toe die priesters aangeval. Hy het daardie dag 85 priesters doodgemaak, manne wat die linne- skouer-kleed dra.

19Hy het ook almal in die priesterstad Nob doodgesteek: mans en vroue, kinders en babas, beeste, donkies en skape.

20Maar Abjatar, een seun van Agimelek, het weggehardloop en hy het nie gesterf nie. Hy het na Dawid toe gevlug

21en hy het vir Dawid vertel dat Saul die priesters van die Here doodgemaak het.

22Dawid het vir Abjatar gesê: "Ek het daardie dag geweet dat die Edomiet Doëg daar is en dat hy vir Saul sal vertel. Dit is mý skuld dat jou hele familie gesterf het.

23Jy moet by my bly, jy moenie bekommerd wees nie. Die man wat vir jou wil doodmaak, wil ook vir my doodmaak, maar jy sal veilig wees by my."

1 Samuel 23

Dawid in die stad Keïla

1Iemand het vir Dawid kom sê dat die Filistyne oorlog maak teen die mense van die stad Keïla en dat hulle die koring op die dorsvloere vat.

2Dawid het vir die Here gevra: "Moet ek daardie Filistyne gaan aanval?" En die Here het vir Dawid gesê: "Jy moet die Filistyne gaan aanval en jy moet die mense van Keïla red."

3Dawid se manne het vir hom gesê: "Ons is bang hier in Juda, maar ons sal nog baie banger wees as ons na Keïla moet gaan om die Filistyne aan te val."

4Dawid het weer vir die Here gevra wat hy moet doen, en die Here het geantwoord en gesê: "Jy moet gereedmaak en na Keïla gaan, want Ek sal jou laat wen teen die Filistyne."

© Bible Society of South Africa.

5Dawid en sy manne het na Keïla gegaan. Hulle het oorlog gemaak teen die Filistyne
en hulle het die Filistyne se beeste en skape en bokke gevat. Hulle het hard geveg en
hulle het die Filistyne oorwin. So het Dawid die mense van Keïla gered.

6Abjatar seun van Agimelek het die skouer-kleed saam met hom gebring toe hy
gevlug het na Dawid toe in Keïla.

7Iemand het vir Saul vertel dat Dawid na Keïla gegaan het, en Saul het gedink: God
het vir Dawid gelos, want Dawid het ingegaan in ’n stad waar ’n mens die poorte kan
toesluit. Dawid het homself toegesluit.

8Saul het toe al sy manne laat roep om te kom oorlog maak. Hy wou hê dat hulle na
Keïla moet gaan om Dawid en sy manne in die stad vas te keer en te vang.

9Toe Dawid uitvind dat Saul hom wil kom aanval, het hy vir die priester Abjatar gesê
hy moet die skouer-kleed bring.

10Dawid het gesê: “Here, God van Israel, luister asseblief na wat ek vra, want ek weet
Saul sal na Keïla kom om die stad te verwoes omdat ek hier is, dit is seker.

11Ek vra vir U: Sal die leiers van die mense van Keïla my vir Saul gee? Ek het gehoor
dat Saul na Keïla kom. Is dit waar? Here, God van Israel, sê asseblief vir my wat sal
gebeur.” En die Here het gesê: “Saul sal kom.”

12Dawid het weer gevra: “Sal die leiers van die mense van Keïla my en my manne vir
Saul gee?” En die Here het gesê: “Ja, hulle sal dit doen.”

13Dawid en sy manne het toe gereedgemaak en hulle het uit Keïla gegaan. Hulle was
omtrent 600 manne. Hulle het nie op een plek gebly nie, hulle het van die een plek
na die ander plek gegaan. Saul het gehoor dat Dawid weggekom het uit Keïla, en hy
het toe nie daarnatoe gegaan nie.

Dawid in die Sif-woestyn en die Maon-woestyn

14Dawid het in die woestyn gaan bly in plekke in die berge waar mense nie maklik
kan kom nie. Hy het ook gaan bly op die berg in die Sif-woestyn. Saul het aangehou
om te soek na Dawid, maar Saul het nie vir Dawid gevang nie, God het vir Dawid
beskerm.

15Dawid het geweet dat Saul wil kom om hom dood te maak, en hy het in die Sif-
woestyn by die stad Goresa gebly.

16Saul se seun Jonatan het gereedgemaak en hy het na Dawid toe gegaan by Goresa.
Jonatan het vir Dawid kom sê: “God sal aanhou om vir jou te help.

17Jy moenie bekommerd wees nie. My pa sal jou nie vang nie. Jy sal koning word oor
Israel, en ek sal jou belangrikste amptenaar wees. My pa Saul weet ook dat dit so sal
wees.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18Jonatan en Dawid het weer ’n ooreenkoms gemaak, en die Here was die getuie. Dawid het by Goresa gebly, en Jonatan het teruggegaan na sy huis.

19Mense van die stad Sif het na Saul toe gegaan in Gibea en hulle het vir hom gesê: “Dawid kruip weg by ons in die berge by Goresa. Hy is op die Gakila-berg suid van die droë woestyn.

20Koning, jy moet nou sê wat jy wil hê. As jy wil kom, dan moet jy kom, ons sal jou help om vir Dawid te vang.”

21Saul het vir die mense van Sif gesê: “Ek bid dat die Here goed sal wees vir julle omdat julle jammer is vir my.

22Julle moet asseblief gaan en julle moet goed kyk waar julle Dawid se spore sien en waar mense hom gesien het. Iemand het vir my gesê dat Dawid baie slim is.

23Julle moet goed kyk waar hy oral wegkruip en julle moet vir my kom sê presies waar hy is. Dan sal ek saam met julle gaan, en as hy nog in die land is, dan sal ek hom soek en ek sal hom kry tussen al die duisende mense in Juda.”

24Die mense van Sif het gereedgemaak en hulle het teruggegaan na Sif voordat Saul gekom het. Dawid en sy manne was toe in die Maon-woestyn. Hulle was in die vallei waar niks plante groei nie, suid van die droë woestyn.

25Saul en sy manne het vir Dawid gaan soek, maar Dawid het gehoor dat hulle hom kom soek het en hy het afgegaan na die groot klip in die Maon-woestyn. Saul het gehoor dat Dawid daar is en hy het vir Dawid gevolg en gejaag.

26Saul het teen die een kant van die berg geloop en Dawid en sy manne het teen die ander kant van die berg geloop. Dawid het vinnig geloop om weg te kom van Saul, maar Saul en sy manne het vir Dawid en sy manne van al die kante vasgekeer om hulle te vang.

27Toe kom daar ’n boodskapper by Saul en hy sê: “Jy moet gou kom, want die Filistyne het in die land gekom en hulle vat alles wat hulle kan kry.”

28Saul het toe opgehou om vir Dawid te volg en te jaag, en hy het teen die Filistyne gaan oorlog maak. Dit is hoekom die mense daardie plek noem “Die groot klip waar hulle weggegaan het van mekaar.”

1 Samuel 24

Dawid in die woestyn by En-Gedi

1Dawid het weggegaan uit die Maon-woestyn en hy het in die berge by die stad En-Gedi gaan bly.

2Toe Saul terugkom nadat hy teen die Filistyne gaan veg het, het die mense vir hom gesê dat Dawid in die woestyn by En-Gedi is.

© Bible Society of South Africa.

3Saul het 3 000 manne uit al die Israeliete gekies en hulle het vir Dawid en sy manne gaan soek. Hulle was naby die Klipbok-rotse.

4Saul het by skaapkrale gekom en daar was ’n grot. Hy het in die grot ingegaan om hom te ontlas. Dawid en sy manne het agter in die grot gesit.

5Dawid se manne sê toe vir hom: “Die Here sê vandag vir jou: ‘Ek gee jou vyand vir jou, daar is hy. Jy mag met hom doen wat jy wil.’ ” Dawid het nader gegaan en hy het stilletjies ’n punt van Saul se bo-kleed afgesny.

6Maar daarna was hy jammer dat hy dit gedoen het.

7Hy het vir sy manne gesê: “Die Here moet my keer, ek wil niks verkeerd doen aan my koning nie, hy is die gesalfde van die Here. Ek wil nie iets verkeerd doen teen hom nie, want hy is die gesalfde van die Here.”

8Dawid het met sy manne gepraat en hy het hulle gekeer, hulle het nie vir Saul aangeval nie. Saul het klaargemaak en toe het hy uitgegaan uit die grot en verder gegaan.

9Dawid het daarna opgestaan en uitgegaan uit die grot en hy het vir Saul geskree: “Meneer die koning!” Toe Saul omkyk, het Dawid gekniel en laag gebuig, sy gesig was teen die grond.

10Dawid het vir Saul gesê: “Hoekom luister jy wanneer mense sê ek is jou vyand?

11Jy het self gesien die Here het jou vandag vir my gegee daar in die grot, en as ek wou, dan kon ek jou doodgemaak het. Maar ek het jou nie doodgemaak nie, ek het gesê ek sal nie iets verkeerd doen teen my koning nie, want jy is die gesalfde van die Here.

12“My vader, kyk hier, hier is die punt van jou bo-kleed in my hand. Ja, ek het die punt van jou bo-kleed afgesny, maar ek het jou nie doodgemaak nie. Jy kan sien ek is nie jou vyand nie, en jy moet dit weet, maar jy jaag my om my dood te maak.

13Ek bid dat die Here sal sê wie het reg gedoen, ek of jy. Ek bid ook dat Hy jou sal straf oor wat jy aan my doen, maar ek self sal niks doen teen jou nie.

14Die mense sê altyd: ‘Slegte mense doen slegte dinge,’ maar ek self sal niks doen teen jou nie.

15Nou vra ek: Hoekom het jy, die koning van Israel, vir my gevolg en gejaag? Want ek beteken niks, ek is soos ’n dooie hond, soos ’n vlooi.

16Die Here sal die regter wees, Hy sal sê wie het reg gedoen, ek of jy. Hy sal sien en Hy sal vir my ’n getuie wees teen jou. Hy sal sê ek het reg gedoen.”

17Toe Dawid dit klaar vir Saul gesê het, het Saul gevra: “My seun Dawid, is dit jy wat praat?” En Saul het hard begin huil.

© Bible Society of South Africa.

18Hy het vir Dawid gesê: “Jy is reg, ek het verkeerd gedoen. Jy het goed gedoen aan
my en ek het slegte dinge gedoen aan jou.

19Jy het vandag gewys dat jy goed doen aan my. Jy het my nie doodgemaak toe die
Here my vir jou gegee het nie.

20Niemand sal sy vyand vry laat weggaan wanneer hy hom kry nie, maar jy het dit
met my gedoen. Ek bid dat die Here goed sal wees vir jou.

21En nou, ek weet baie goed dat jy koning sal word en dat jy lank koning sal wees.

22Jy moet vir my belowe dat jy nie my nageslag sal doodmaak en nie my naam sal
laat verdwyn uit my familie nie. Die Here moet die getuie wees.”

23Dawid het dit vir Saul belowe, en Saul het na sy huis gegaan. Dawid en sy manne
het opgegaan in die berge.

1 Samuel 25

Dawid en Nabal en Abigajil

1Toe Samuel gesterf het, het al die Israeliete bymekaargekom en hulle het oor
hom gerou.

2Daar was ’n man in die stad Maon. Hy was baie ryk. Hy het 3 000 skape en 1 000
bokke by die stad Karmel gehad. Hy was besig om sy skape en bokke se wol af te
skeer by Karmel.

3Die man se naam was Nabal, en sy vrou was Abigajil. Sy was ’n verstandige en ’n
mooi vrou, maar hy was ’n hardkoppige en ’n slegte man. Hy was van die Kaleb-
stam.

4Dawid het in die woestyn gehoor dat Nabal besig is om sy skape en bokke te skeer.

5Dawid het tien jongmanne gestuur en hy het vir hulle gesê: “Julle moet na Karmel
gaan en wanneer julle by Nabal kom, dan moet julle sê ek het julle gestuur om te
hoor hoe dit met hom gaan.

6Julle moet vir hom sê ek sê: ‘Ek bid dat jy gesond sal bly en dat dit goed sal gaan
met jou, en ook met jou huisgesin en met alles wat jy het.

7En nou, ek het gehoor dat jy besig is om skape te skeer. Die wagters wat jou diere
opgepas het, was by ons, en ons het hulle nie gepla nie. Niks het weggeraak in
daardie tyd toe hulle by Karmel was nie.

8Jy kan jou manne vra, hulle sal vir jou sê dit is waar. Jy moet asseblief vriendelik
wees met my manne, want vandag is ’n feesdag. Gee asseblief vir hulle en vir my,
Dawid, ook van die kos wat jy het.’ ”

9Dawid se manne het vir Nabal alles gaan sê wat Dawid vir hulle gesê het en hulle
het gewag.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Nabal het geantwoord en hy het vir die manne van Dawid gesê: “Wie is Dawid? Wie is die seun van Isai? Daar is vandag baie slawe wat wegloop van hulle eienaars.

11Ek het my brood en my water en my vleis gereedgemaak vir die mense wat my skape skeer. Moet ek dit nou neem en vir julle gee? Ek weet nie van waar julle kom nie.”

12Dawid se manne het toe omgedraai en teruggekom en hulle het vir Dawid kom sê wat Nabal alles gesê het.

13Toe sê Dawid vir sy manne: “Maak vas julle swaarde.” Almal het hulle swaarde vasgemaak, en Dawid het dit ook gedoen. Omtrent 400 manne het saam met Dawid gegaan, en 200 manne het by die goed gebly.

14Maar een van Nabal se manne het vir Abigajil gaan sê: “Weet jy dat Dawid boodskappers uit die woestyn gestuur het om ons meneer te groet? Ons meneer het hulle toe beledig.

15Maar Dawid se manne was baie goed vir ons. Daardie tyd toe ons rondgetrek het en toe hulle saam met ons in die veld was, het niks weggeraak nie.

16Hulle het ons in die dag en in die nag beskerm toe ons saam met hulle was en die skape opgepas het.

17En nou, jy moet dit weet en jy moet dink wat jy kan doen, want dit sal sleg gaan met ons meneer en met almal in sy huisgesin. Hy is ’n slegte man, dit help nie om met hom te praat nie.”

18Abigajil het toe gou gemaak. Sy het 200 brode geneem en twee velsakke wyn en vyf skape wat hulle klaar geslag het en vyf sea gebraaide koring en 100 koeke rosyne en 200 koeke gedroogde vye. Sy het dit op donkies gelaai

19en sy het vir haar slawe gesê: “Julle moet voor my gaan, ek sal later kom.” Sy het niks vir haar man Nabal gesê nie.

20Sy het op ’n donkie gery en teen die ander kant van die berg afgegaan en daar kry sy toe vir Dawid en sy manne wat na haar toe aankom.

21Dawid het gedink: Ek het alles in die woestyn opgepas wat aan hierdie man behoort, maar dit het my niks gehelp nie. Daar het niks van hom weggeraak nie. Ek was goed vir hom, maar hy het slegte dinge gedoen aan my.

22Ek sal hom doodmaak. God moet my straf, Hy moet aanhou om my te straf as ek een man of seun van Nabal lewendig laat oorbly.

23Toe Abigajil vir Dawid sien, het sy van die donkie afgeklim en laag voor Dawid gebuig, haar gesig was teen die grond.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24Sy het by Dawid se voete gaan lê en gesê: “Meneer, dit is my skuld. Ek wil asseblief met jou praat, jy moet luister na my.

25Meneer, jy moet asseblief nie dink aan wat hierdie slegte man Nabal gesê het nie, want hy is soos sy naam sê. Sy naam is Nabal en hy is ’n dwaas. Ek het nie Meneer se manne gesien wat jy gestuur het nie.

26Maar nou, Meneer, so seker soos die Here lewe en so seker soos jy lewe, dit is die Here wat keer sodat jy nie onskuldige mense doodmaak wanneer jy jou vyande wil straf nie. Ek bid dat dit met jou vyande sal gaan soos met Nabal. Ek bid dat dit ook so sal gaan met almal wat wil hê dat dit sleg moet gaan met Meneer.

27En nou, ek het hierdie presente vir Meneer gebring sodat jy dit kan gee vir die manne wat jou volg.

28Vergewe my asseblief as ek iets verkeerd gedoen het. Die Here sal jou en jou familie altyd beskerm, want Meneer veg die oorloë van die Here. Jy moet niks doen wat verkeerd is nie, so lank soos jy lewe.

29Wanneer iemand jou jaag en jou wil doodmaak, dan sal jou God die Here jou beskerm, Hy sal jou vyande weggooi soos ’n mens ’n klip weggooi met ’n slingervel.

30Die Here sal met Meneer doen wat Hy gesê het. Hy sal dit goed laat gaan met jou, en Hy sal jou die koning van Israel maak.

31Dan sal jy nie skuldig voel nie, want dan het jy nie vandag onskuldige mense doodgemaak en self mense gestraf nie. Wanneer die Here dit dan goed laat gaan met Meneer, dan moet jy my nie vergeet nie.”

32Toe sê Dawid vir Abigajil: “Ek prys die Here, die God van Israel, wat jou vandag na my toe gestuur het.

33En ek prys jou wat so verstandig is. Jy het my vandag gekeer en ek het nie onskuldige mense doodgemaak en self mense gestraf nie.

34Want so seker soos die Here, die God van Israel, lewe, as jy nie gou gemaak het en na my toe gekom het nie, dan sou nie een man of seun van Nabal môre vroeg nog gelewe het nie. Die Here het my gekeer sodat ek nie aan jou iets gedoen het wat sleg is nie.”

35Dawid het die kos geneem wat Abigajil gebring het en hy het vir haar gesê: “Gaan huis toe, jy moenie bekommerd wees nie. Ek het gehoor wat jy gesê het en ek sal doen wat jy gevra het.”

36Toe Abigajil by Nabal kom, was hy besig om fees te vier in sy huis. Dit was ’n fees soos die fees van ’n koning. Hy het gelukkig gevoel en hy het baie dronk geword. Abigajil het vir Nabal niks vertel nie, sy het gewag tot vroeg die volgende oggend.

© Bible Society of South Africa.

37Die volgende oggend toe Nabal nie meer dronk was nie, het sy vrou vir hom vertel wat gebeur het. Nabal het ’n hartaanval gekry, sy hart het soos klip geword.

38En omtrent tien dae later het die Here vir Nabal laat sterf.

39Toe Dawid hoor dat Nabal dood is, het hy gesê: “Ek prys die Here wat vir Nabal gestraf het omdat hy my beledig het. Die Here het my gekeer, ek het nie ’n slegte ding gedoen nie, en Hy het vir Nabal gestraf omdat hy ’n slegte ding gedoen het.” Dawid het mense gestuur om vir Abigajil te vra om met hom te trou.

40Die manne van Dawid het by Abigajil in Karmel gekom en hulle het vir haar gesê: “Dawid het ons na jou toe gestuur. Ons moet vir jou vra om met hom te trou.”

41Sy het opgestaan en laag gebuig. Sy het gesê: “Hier is ek, ek sal Dawid se slavin wees en ek sal sy manne se voete was.”

42Abigajil het gou gereedgemaak en sy het op ’n donkie geklim. Haar vyf slavinne het saam met haar geloop. Sy het saam met die boodskappers van Dawid gegaan, en sy het met Dawid getrou.

43Dawid was toe al klaar getroud met Aginoam van Jisreël, en hy het nou twee vroue gehad.

44Dawid was ook getroud met Saul se dogter Mikal, maar Saul het Mikal vir Palti gegee. Palti was die seun van Lajis van die stad Gallim.

1 Samuel 26

Dawid in die Sif-woestyn

1Mense van die stad Sif het na Saul toe gegaan in Gibea. Hulle het vir hom gesê: “Dawid kruip weg op die Gakila-berg naby die droë woestyn.”

2Saul het gereedgemaak en hy het na die Sif-woestyn gegaan. Daar was 3 000 manne by hom, hy het hulle gekies uit die Israeliete. Hy wou vir Dawid gaan soek in die Sif-woestyn.

3Saul het sy tente opgeslaan op die Gakila-berg naby die droë woestyn. Die tente was langs die pad. Dawid het in die woestyn gebly, en toe hy hoor dat Saul hom daar kom soek het,

4het hy mense gestuur om te kyk of Saul regtig gekom het.

5Dawid het toe gereedgemaak en hy het na die plek gegaan waar Saul se kamp was. Hy het gesien waar Saul en Abner lê en slaap. Abner, die hoof van die leër, was die seun van Ner. Saul het in die kamp gelê, en die manne het rondom hom gelê.

6Dawid het vir Agimelek van die stad Gat en vir Abisai, seun van Seruja en broer van Joab, gevra: “Wie sal saam met my na Saul se kamp gaan?” Abisai het gesê: “Ek sal saam met jou gaan.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Dawid en Abisai het in die nag by Saul se manne gekom. Saul het daar in die kamp
gelê en slaap. Sy spies het regop gestaan naby sy kop. Abner en die manne het
rondom hom gelê.

8Toe sê Abisai vir Dawid: “God het jou vandag gehelp om jou vyand te vang. Ek sal
hom met my spies in die grond vassteek. Ek sal dit net een maal doen, dan sal hy
dood wees.”

9Maar Dawid het vir Abisai gesê: “Moenie hom doodmaak nie. As iemand iets doen
teen die gesalfde van die Here, dan moet hy weet die Here sal hom straf.

10Ek weet, so seker soos die Here lewe, die Here sal Saul laat sterf, of Saul sal sterf
wanneer dit sy tyd is, of hy sal oorlog toe gaan en sterf.

11Nee, ek sal nie iets doen teen die gesalfde van die Here nie. Maar kom ons neem
die spies wat by sy kop staan en die waterkruik en dan loop ons.”

12Dawid het die spies en die waterkruik by Saul se kop geneem, en hulle het geloop.
Niemand het dit gesien of iets gehoor en wakker geword nie. Almal het geslaap, die
Here het hulle baie vas laat slaap.

13Dawid het na die ander kant van die vallei gegaan en hy het op die berg gaan staan,
ver van Saul en sy manne.

14Dawid het vir Saul se manne en vir Abner seun van Ner geskree: “Abner, kan julle
my hoor?” Abner het geantwoord en gevra: “Wie is jy? Hoekom roep jy die koning?”

15Toe sê Dawid vir Abner: “Ek het gedink jy is ’n dapper man, niemand in die land
Israel is soos jy nie. Maar hoekom het jy nie jou koning opgepas nie? Iemand het in
die kamp gekom, hy kon jou koning doodgemaak het as hy wou.

16Jy het nie jou werk goed gedoen nie. So seker soos die Here lewe, julle moet sterf,
want julle het nie waggestaan by julle koning nie, en hy is die gesalfde van die Here.
Kyk, hier is die spies van die koning en die waterkruik wat by sy kop was.”

17Saul het gehoor dit is Dawid wat praat, en hy het gevra: “Is dit jý wat praat, my
seun Dawid?” En Dawid het gesê: “Ja, Meneer die koning, dit is ek wat praat.

18Hoekom jaag jy my? Wat het ek gedoen wat verkeerd is?

19Meneer die koning, jy moet asseblief nou luister na wat ek sê. As dit die Here is
wat vir jou sê jy moet my doodmaak, dan moet ons vir Hom ’n offer bring. Maar as
dit mense is, dan hoop ek die Here sal hulle straf, want dit is húlle wat my weggejaag
het uit die land van die Here. Dit is húlle wat vir my sê ek moet ander gode gaan
dien.

20Maar jy moenie vir my laat sterf ver van die plek waar die Here is nie. Ek is so
onbelangrik soos ’n vlooi, maar die koning van Israel jaag my soos ’n mens ’n voël in
die berge jag.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Toe sê Saul: “My seun Dawid, ek het ’n fout gemaak. Jy moet terugkom. Jy het vandag gewys dat my lewe belangrik is vir jou, en daarom sal ek niks aan jou doen nie. Ja, ek was dom, ek het ’n baie verkeerde ding gedoen.”

22Dawid het geantwoord en gesê: “Hier is die koning se spies, stuur een van die jongmanne om dit te kom haal.

23Die Here het jou vandag vir my gegee. Ek kon jou doodgemaak het as ek wou, maar ek het besluit om niks te doen teen die gesalfde van die Here nie. Ek weet dat die Here goed doen aan mense wat reg doen en wat lewe soos Hy wil hê.

24Jou lewe was vandag belangrik vir my. Ek bid dat my lewe ook belangrik sal wees vir die Here en dat Hy my altyd sal red wanneer dit sleg gaan met my.”

25Saul het vir Dawid gesê: “My seun Dawid, ek bid dat dit goed sal gaan met jou. Ek weet die Here sal al jou planne laat slaag, dit is seker.” Dawid het toe weggegaan, en Saul het teruggegaan na sy plek.

1 Samuel 27

Dawid in Siklag

1Dawid het gedink: Eendag sal Saul my kry en dan sal hy my doodmaak. Dit sal beter wees as ek wegvlug na Filistyne-land, dan sal Saul ophou om my oral in die land Israel te soek. So sal ek wegkom van hom.

2Dawid het toe gereedgemaak en hy en 600 manne het gegaan na koning Akis van die stad Gat. Akis was die seun van Maok.

3Dawid en sy manne het by Akis in Gat gaan woon. Elke man het ook sy huisgesin saamgeneem. Dawid se twee vroue was Aginoam van die stad Jisreël en Abigajil, die weduwee van Nabal van die stad Karmel.

4Saul het gehoor dat Dawid na Gat gevlug het, en Saul het hom nie meer gesoek nie.

5Dawid het vir Akis gesê: “As jy tevrede is met my, dan moet jy vir my plek gee in een van die stede weg van die stad Gat, dan kan ek daar woon. Ek is nie belangrik nie, hoekom moet ek hier in die koningstad by jou woon?”

6Akis het toe die stad Siklag vir Dawid gegee. Daarom behoort Siklag tot vandag toe aan die konings van Juda.

7Dawid het ’n jaar en vier maande in die land van die Filistyne gewoon.

8Hy en sy manne het die mense van Gesur en Geser en ook die Amalekiete gaan aanval. Dit was die mense wat lank gelede tussen Sur en Egipte gewoon het.

9Wanneer Dawid ’n land aangeval het, dan het hy almal doodgemaak, mans en vroue. Dan het hy hulle klere gevat en die skape en bokke en beeste en donkies en kamele, en hy het teruggegaan. En wanneer hy by Akis gekom het,

© Bible Society of South Africa.

10dan het Akis gevra waar hulle daardie dag mense aangeval het en die mense se goed gevat het. Dan het Dawid gesê hulle het die mense in die Suid-land van Juda aangeval of die Jeragmeël-families of die Keniete in die Suid-land.

11Dawid en sy manne het altyd almal doodgemaak, mans en vroue, sodat niemand kon vertel wat hulle gedoen het nie. Dawid het dit altyd gedoen toe hy in die land van die Filistyne gewoon het.

12Akis was nie bekommerd oor Dawid nie, hy het gedink: Dawid se eie mense in die volk Israel praat baie sleg van hom, hy sal altyd vir my moet werk.

1 Samuel 28

Saul praat met Samuel se gees

1In daardie tyd het die Filistyne hulle manne laat bymekaarkom om oorlog te maak teen die Israeliete. Akis het vir Dawid gesê: “Jy moet goed verstaan, jy en jou manne sal nou saam met my moet gaan om oorlog te maak.”

2Dawid het vir Akis gesê: “Ja, goed, jy sal self sien ek sal jou dien.” Akis sê toe vir Dawid: “Goed, dan moet jy my altyd oppas.”

3Samuel het voor daardie tyd gesterf. Al die Israeliete het oor hom gerou en hulle het hom begrawe in Rama, die stad waar hy gewoon het. Voor daardie tyd het Saul al die vroue wat met die geeste van dooie mense gepraat het en ook die waarsêers weggejaag uit die land.

4Die Filistyne het bymekaargekom en hulle het hulle tente opgeslaan by die stad Sunem. Saul het al die Israeliete laat bymekaarkom en hy het sy tente opgeslaan op Gilboa-berg.

5Saul het baie bang geword toe hy die tente van die Filistyne sien en hy het gebewe.

6Hy het vir die Here gevra wat hy moet doen, maar die Here het hom nie geantwoord nie. Die Here het nie met Saul gepraat in ’n droom of met die urim nie. Hy het ook nie vir die profete gesê wat hulle vir Saul moet sê nie.

7Saul het toe vir sy amptenare gesê: “Julle moet vir my sê waar is ’n vrou wat met die geeste van dooie mense praat, ek wil vir haar vra wat ek moet doen.” Sy amptenare het vir hom gesê: “Daar is so ’n vrou in En-Dor.”

8Saul het ander klere aangetrek sodat niemand kon sien wie hy is nie, en hy en twee manne het na die vrou toe gegaan. Hulle het in die nag by die vrou gekom, en Saul het vir haar gesê: “Jy moet vir my help, jy moet praat met die gees van ’n dooie man. Ek sal vir jou sê wie jy moet laat kom.”

9Maar die vrou het vir Saul gesê: “Luister na my, jy weet self wat Saul gedoen het. Hy het die vroue wat met die geeste van dooie mense praat en die waarsêers uit die land gejaag. Hoekom wil jy hê ek moet iets doen waaroor hy my sal doodmaak?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Saul het vir haar voor die Here belowe en gesê: “So seker soos die Here lewe, jy sal nie hieroor skuldig wees nie.”

11Die vrou het gevra: “Wie moet ek vir jou laat kom?” En Saul het gesê: “Jy moet Samuel vir my laat kom.”

12Toe die vrou vir Samuel sien, het sy hard geskree en vir Saul gesê: “Hoekom het jy my bedrieg? Jy is Saul.”

13Die koning het vir haar gesê: “Jy moenie bang wees nie. Wat sien jy?” Die vrou het gesê: “Ek sien ’n gees wat uit die aarde kom.”

14Saul het vir haar gevra: “Hoe lyk hy?” En sy het gesê: “Hy lyk soos ’n ou man, en hy dra ’n bo-kleed.” Saul het toe geweet dit is Samuel. Saul het gekniel en hy het laag gebuig.

15Samuel het vir Saul gesê: “Hoekom is jy lastig? Hoekom laat jy my kom?” Saul sê toe: “Ek het baie probleme. Die Filistyne maak oorlog teen my, en God het weggegaan van my. Hy het my nie geantwoord nie, nie met die profete nie en nie met drome nie. Toe het ek vir jóú geroep, jy moet vir my sê wat ek moet doen.”

16Samuel het gesê: “Die Here het weggegaan van jou en Hy het jou vyand geword. Hoekom vra jy nou vir mý om jou te help?

17Die Here het gedoen wat Hy gesê het. Hy het my gestuur om vir jou te sê jy sal nie meer koning wees nie, Hy sal ’n ander man koning maak. Daardie man is Dawid.

18Die Here het dit gedoen omdat jy ongehoorsaam was aan Hom. Hy was kwaad vir die Amalekiete, en jy het nie gedoen wat Hy vir jou gesê het nie.

19Die Here sal die Filistyne laat wen teen die Israeliete en teen jou, en môre sal jy en jou seuns by my wees. Die Here sal die Filistyne laat wen teen die manne van Israel.”

20Saul het plat op die grond geval. Hy was baie bang oor wat Samuel gesê het. Hy was ook swak, want hy het die hele dag en nag niks geëet nie.

21Die vrou het na Saul toe gekom en sy het gesien hoe bang hy is. Sy het vir hom gesê: “Luister na my, ek het gedoen wat jy gevra het. Dit was baie gevaarlik vir my, maar ek het geluister na jou.

22Nou moet jy luister na mý. Ek sal vir jou ’n bietjie kos bring sodat jy kan eet en sterk kan word voordat jy verder gaan.”

23Maar Saul wou dit nie doen nie, hy het gesê: “Nee, ek sal nie eet nie.” Maar sy manne en die vrou het aangehou sê hy moet eet, toe het Saul geluister na hulle. Hy het opgestaan en hy het op ’n bank gaan sit.

24Die vrou het ’n vet jong bees by die huis gehad, en sy het dit gou geslag. Sy het meel geneem en geknie en ongesuurde brood gebak.

© Bible Society of South Africa.

25Sy het dit gebring en voor Saul en sy manne neergesit. Hulle het geëet en hulle het
dieselfde nag weggegaan.

1 Samuel 29

Die Filistyne stuur Dawid terug na Siklag

1Die Filistyne het hulle manne laat bymekaarkom by die stad Afek, en die Israeliete
het hulle tente opgeslaan by die fontein naby die stad Jisreël.

2Die leiers van die Filistyne het hulle manne laat verbyloop in groepe. In party groepe
was daar 100 manne en in party groepe was daar 1 000 manne. Dawid en sy manne
het laaste verbygeloop saam met Akis.

3Die leiers van die Filistyne vra toe: “Hoekom is hierdie Hebreërs hier?” Akis het vir
die leiers gesê: “Dit is Dawid, hy was ’n amptenaar van Saul, die koning van Israel. Hy
was ’n lang tyd by my, en hy het niks verkeerd gedoen nie, nooit nie, vandat hy
weggegaan het van Saul en na ons toe gekom het.”

4Die leiers van die Filistyne was kwaad vir Akis. Hulle het gesê: “Stuur die man terug
na die plek wat jy vir hom gegee het. Hy mag nie saam met ons na die oorlog gaan
nie, want miskien sal hy dan teen ons veg. Sy koning sal weer baie van hom hou as hy
die koppe van ons manne vir die koning bring.

5Dit is hierdie Dawid oor wie hulle dans en sing en sê: “ ‘ Saul het duisende manne
oorwin, maar Dawid het tienduisende oorwin.’ ”

6Akis het toe vir Dawid geroep en hy het vir Dawid gesê: “So seker soos die Here
lewe, jy is ’n goeie man en ek dink dit is reg dat jy saam met my gekom het om
oorlog te maak, want jy het niks verkeerd gedoen nie, vandat jy by my gekom het tot
vandag toe. Maar die leiers dink dit is nie reg nie.

7Jy moet nou asseblief omdraai en gaan sodat daar vrede kan wees, jy moet niks
doen waarvan die leiers van die Filistyne nie hou nie.”

8Dawid het vir Akis gesê: “Maar wat het ek gedoen? Wat het jy gesien wat ek
verkeerd gedoen het vandat ek by jou gekom het tot vandag toe? Waarom mag ek
nie teen jou vyande gaan veg nie?”

9Akis het vir Dawid gesê: “Ek weet jy was vir my so goed soos ’n engel van God. Maar
die leiers van die Filistyne het gesê jy mag nie saam met hulle gaan oorlog maak nie.

10Daarom, jy en jou koning se manne wat saam met jou gekom het, moet vroeg
opstaan wanneer dit môre lig word en julle moet teruggaan.”

11Dawid en sy manne het toe vroeg die volgende oggend opgestaan, en hulle het
teruggegaan na Filistyne-land. Die Filistyne het na die stad Jisreël gegaan.

1 Samuel 30

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die Amalekiete verbrand Siklag en vat die mense weg, Dawid oorwin die Amalekiete en bring die mense terug

1Dawid en sy manne het op die derde dag by die stad Siklag aangekom. Terwyl hulle
weg was, het die Amalekiete die mense in die Suid-land en in Siklag aangeval en hulle
het alles gevat wat hulle kon kry. Hulle het Siklag aangeval en hulle het die stad
verbrand.

2Hulle het al die vroue wat in die stad was, gevang en weggevat. Hulle het niemand
doodgemaak nie, hulle het die vroue voor hulle laat loop en hulle het verder gegaan.

3Dawid en sy manne kom toe by die stad, en toe was dit afgebrand. Hulle vroue en
hulle seuns en dogters was weg.

4Dawid en die manne by hom het hard gehuil, hulle het aangehou totdat hulle nie
meer kon huil nie.

5Dawid se twee vroue was ook weg. Sy vroue was Aginoam van die stad Jisreël en
Abigajil, die weduwee van Nabal van die stad Karmel.

6Dit was gevaarlik vir Dawid, want die manne het gesê hulle wil hom doodgooi met
klippe. Die manne was baie hartseer oor hulle kinders. Maar Dawid het sterk gebly,
want sy God die Here was by hom.

7Dawid het vir die priester Abjatar seun van Agimelek gesê: “Bring die skouer-kleed
na my toe.” Abjatar het die skouer-kleed vir Dawid gebring

8en Dawid het vir die Here gevra: “Hierdie mense het ons vroue en kinders en ons
goed weggevat, moet ek hulle volg en jaag? Sal ek hulle kan vang?” Die Here het vir
hom gesê: “Jy moet hulle volg en jaag, want jy sal hulle kan vang en jy sal jou mense
red. Dit is seker.”

9Dawid en 600 manne het gegaan en hulle het by die Besor-rivier gekom. Party van
die manne het daar gebly.

10Dawid en 400 manne het die Amalekiete gevolg, en 200 manne was te moeg om
oor die rivier te gaan, hulle het daar gebly.

11Dawid se manne het ’n Egiptenaar in die veld gekry en hulle het hom na Dawid toe
geneem. Hulle het vir hom kos en water gegee

12en droë vye en twee koeke rosyne. Hy het geëet en hy het toe beter gevoel, want
hy het drie dae lank niks geëet of gedrink nie.

13Dawid het vir hom gevra: “Aan wie behoort jy? En van waar kom jy?” Hy het gesê:
“Ek is ’n Egiptenaar, ek is die slaaf van ’n Amalekiet. My eienaar het my langs die pad
gelos, want ek was siek. Dit was drie dae gelede.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Ons het die mense in die Suid-land van die Filistyne aangeval. Ons het hulle goed
gevat en ook mense in party stede van Juda en in die Suid-land waar die Kaleb-
families woon. Ons het Siklag verbrand."

15Dawid vra toe vir die man: "Sal jy my na hierdie Amalekiete toe neem?" Die man
het gesê: "Jy moet eers voor die Here belowe dat jy my nie sal doodmaak of dat jy
my vir my eienaar sal teruggee nie, dan sal ek jou na hierdie Amalekiete toe neem."

16Die man het hulle na die Amalekiete toe geneem. Die Amalekiete was oral besig
om fees te vier en te eet en te drink van die baie goed wat hulle gevat het in
Filistyne-land en in die land Juda.

17Dawid het hulle aangeval van vroeg die oggend tot die aand van die volgende dag.
Net 400 jongmanne het nie gesterf nie. Hulle het op kamele geklim en gevlug.

18Dawid het alles teruggekry wat die Amalekiete gevat het, ook sy twee vroue.

19Niks was weg nie, Dawid het alles teruggebring, kinders en grootmense, seuns en
dogters, en al die goed wat die Amalekiete gevat het.

20Hy het die skape en bokke en beeste gevat en hy het hulle voor die ander diere
verder gejaag. Die mense het gesê: "Dit is die goed wat Dawid gevat het."

21Dawid het by die 200 manne gekom wat te moeg was om saam te gaan en wat hy
by die Besor-rivier laat bly het. Die 200 manne het vir Dawid en die manne by hom
kom ontmoet, en toe Dawid by hulle kom, het hy gevra hoe dit met hulle gaan.

22'n Paar van die manne wat saam met Dawid gegaan het, was slegte en wrede
mense. Hulle het gesê: "Hierdie manne het nie saam met ons gegaan nie. Ons sal nie
vir hulle van die goed gee wat ons gevat het nie. Elke man kan net sy vrou en kinders
neem en dan moet hy gaan."

23Maar Dawid het gesê: "Vriende, julle moenie so doen met die goed wat die Here
vir ons gegee het nie. Hy het ons beskerm en Hy het ons laat wen teen die
Amalekiete wat na ons toe gekom het.

24Niemand moet luister na wat julle sê nie. Die man wat oorlog toe gegaan het en
die man wat by die goed gebly het, moet dieselfde kry."

25Dawid het daardie dag gesê die Israeliete moet dit altyd doen, en hulle doen dit
nou nog.

26Toe Dawid terugkom in Siklag, het hy van die goed gestuur vir sy vriende, die leiers
van Juda, en hy het vir hulle gesê: "Hier is vir julle 'n present, dit is party van die goed
wat ons gevat het van die vyande van die Here."

27Dawid het die presente gestuur na die mense in Bet-El, Ramot-Negeb, Jattir,

28Aroër, Sifmot, Estemoa,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29Rakal, die stede van die Jeragmeël-families en die Keniete,

30Gorma, Bor-Asan, Atak

31en Hebron. Dit was die plekke waar Dawid en sy manne rondgetrek het.

1 Samuel 31

Saul sterf

(Ook 1 Kron 10:1-14)

1Die Filistyne het oorlog gemaak teen die Israeliete. Die manne van Israel het gevlug vir die Filistyne, en die Filistyne het baie Israeliete doodgemaak op Gilboa-berg.

2Die Filistyne het ook teen Saul en sy seuns geveg en hulle het Saul se seuns Jonatan, Abinadab en Malki-Sua gevang en doodgemaak.

3Daarna het die Filistyne vir Saul aangeval, die Filistyne wat met pyl en boog skiet, en Saul het baie bang geword vir hulle.

4Hy het vir sy wapendraer gesê: “Jy moet jou swaard neem en jy moet my doodsteek. Ek wil nie hê hierdie heidene moet my kom doodsteek en vir my lag nie.” Maar sy wapendraer wou dit nie doen nie, hy was bang. Toe neem Saul self sy swaard en hy val daarop. Die swaard het deur hom gesteek.

5Toe die wapendraer sien dat Saul dood is, het hy ook op sy swaard geval en hy het saam met Saul gesterf.

6So het Saul en sy drie seuns en sy wapendraer en al die manne van Israel daardie dag saam gesterf.

7En toe die mense van Israel wat oorkant die vallei en oorkant die Jordaan-rivier was, hoor dat die manne van Israel gevlug het en dat Saul dood is, het hulle gevlug uit hulle stede. Die Filistyne het toe gekom en hulle het in daardie stede gaan woon.

8Die Filistyne het die volgende dag gekom om die goed en die klere van die dooie mense te vat, en hulle het vir Saul en sy drie seuns op Gilboa-berg gekry, Saul en sy seuns was dood.

9Hulle het Saul se kop afgekap en hulle het sy wapens gevat. Hulle het dit in Filistyne-land rondgestuur om die goeie nuus te bring in die tempels van hulle afgode en vir hulle mense.

10Hulle het Saul se wapens in die tempel van Astarte gesit en hulle het sy lyk teen die muur van die stad Bet-San opgehang.

11Toe die mense van die stad Jabes in Gilead hoor wat die Filistyne met Saul gedoen het,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12het al die belangrike manne gereedgemaak en hulle het die hele nag geloop. Hulle het Saul en sy seuns se lyke afgehaal van die muur van Bet-San. Hulle het dit na Jabes gebring en hulle het die lyke daar verbrand.

13Hulle het die bene wat oor was, geneem en hulle het dit begrawe onder die tamariskboom in Jabes. Daarna het hulle sewe dae lank gevas.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 Samuel

2 Samuel 1

Dawid hoor dat Saul gesterf het

1 Nadat Saul gesterf het, het Dawid die Amalekiete oorwin en toe het hy teruggekom.
Hy was twee dae in die stad Siklag,

2 en op die derde dag het daar iemand gekom uit die kamp van die manne van Saul.
Die man se klere was geskeur en daar was grond op sy kop. Toe hy by Dawid kom,
het hy laag gebuig en hy het op die grond gaan lê.

3 Dawid het vir hom gevra: “Van waar kom jy?” Die man het geantwoord: “Ek het
weggevlug uit die kamp van die Israeliete.”

4 Toe vra Dawid vir hom: “Wat het gebeur, vertel asseblief vir my.” Die man het gesê:
“Die manne het gevlug uit die oorlog, en baie manne het gesterf. Saul en sy seun
Jonatan is ook dood.”

5 Toe vra Dawid vir die jongman wat dit vir hom kom sê het: “Hoe weet jy dat Saul en
sy seun Jonatan dood is?”

6 Die jongman het gesê: “Ek het op Gilboa-berg gekom, en daar het ek vir Saul gesien,
hy het in sy spies geval. Die Filistyne se oorlogkarre en hulle manne op perde was
rondom hom.

7 Saul het omgekyk en hy het vir my geroep, en toe ek antwoord,

8 vra hy vir my wie ek is. Ek het vir hom gesê ek is ’n Amalekiet.

9 Toe sê hy vir my: ‘Jy moet asseblief hier na my toe kom en jy moet my doodmaak,
want ek lewe nog maar ek is besig om te sterf en ek is baie bang.’

10 “Ek het na hom toe gegaan en ek het hom doodgemaak, want ek het geweet hy sal
nie lank lewe nie omdat hy in sy spies geval het. Ek het die kroon op sy kop en die
armband aan sy arm geneem en ek het dit hiernatoe gebring vir Meneer.”

11 Dawid en al die manne by hom het hulle klere gegryp en hulle het dit geskeur.

12 Hulle het tot die aand gerou en gehuil en gevas oor Saul en sy seun Jonatan, oor
die manne van die Here en oor die volk Israel, want hulle het in die oorlog gesterf.

13 Dawid het vir die jongman wat dit vir hom kom vertel het, gevra: “Van waar kom
jy?” Hy het gesê: “Ek is die seun van ’n vreemdeling, ’n Amalekiet.”

14 Dawid sê toe: “Hoekom was jy nie bang om jou hand uit te steek om die gesalfde
van die Here dood te maak nie?”

15 Dawid roep toe een van sy eie jongmanne en sê: “Kom, maak hom dood.” Die
jongman het dit gedoen, en die Amalekiet het gesterf.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Dawid het vir hom gesê: “Dit is jou eie skuld dat jy moet sterf, want jy het self gesê jy het die gesalfde van die Here doodgemaak.”

Die klaaglied van Dawid oor Saul en Jonatan

17Dawid het hierdie klaaglied gesing oor Saul en oor sy seun Jonatan.

18Hy het gesê die mense van Juda moet die lied leer. Hy het dit “Die Booglied” genoem en hy het gesê hulle moet dit skryf in die Boek van Jasar.

19“Land Israel, die vinnige, die mooi leier lê dood op jou berge, die manne wat oorlog moes maak, het gesterf.

20Julle moet dit nie vertel in die stad Gat nie, julle moenie daarvan praat op die strate van die stad Askelon nie, want dan sal die vroue van die Filistyne bly wees, die heidenvroue sal juig.

21Berge van Gilboa, daar moenie meer dou of reën op julle val nie, daar moenie koring of vrugte wees om te offer nie. Want daar op julle het die skilde vuil geword van die grond, die skilde van die mense wat oorlog moes maak, en daar het die skild van Saul bly lê, niemand het olyf-olie daarop gesmeer nie.

22Die pyl en boog van Jonatan het nie opgehou om raak te skiet nie, die swaard van Saul het aangehou om Filistyne te laat sterf.

23Ons was lief vir Saul en Jonatan, en hulle was vir ons mooi. Hulle is bymekaar nadat hulle gesterf het soos hulle bymekaar was toe hulle gelewe het. Hulle was vinniger as arende en sterker as leeus.

24Vroue van Israel, julle moet huil oor Saul, dit is hy wat vir julle mooi, bloedrooi klere laat aantrek het en wat vir julle goue juwele laat dra het op julle klere.

25Die manne wat oorlog moes maak, het gesterf. Jonatan lê dood op Gilboa-berg.

26My broer Jonatan, ek huil en treur oor jou. Jy was vir my baie kosbaar. Dit was wonderlik dat jy lief was vir my, wonderliker as dat vroue lief was vir my.

27Die manne wat oorlog moes maak, het gesterf, die manne wat die oorlog moes wen, is dood.”

2 Samuel 2

Dawid gaan woon in Hebron en hy word koning oor die Juda-stam

1Daarna het Dawid vir die Here gevra: “Moet ek na een van die stede van Juda gaan?” En die Here het vir hom gesê: “Ja, jy moet gaan.” Toe vra Dawid: “Waarnatoe moet ek gaan?” En die Here het gesê: “Na Hebron.”

2Dawid het toe na Hebron gegaan, en ook sy twee vroue, Aginoam van die stad Jisreël en Abigajil van die stad Karmel. Abigajil was Nabal se weduwee.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Dawid het die manne wat by hom was, saam met hom geneem, en elkeen het sy huisgesin saamgeneem. Hulle het in die stede naby Hebron gaan woon.

4Die leiers van Juda het gekom en hulle het vir Dawid daar in Hebron gesalf om koning te wees van die Juda-stam. Hulle het vir Dawid vertel dit is die manne van Jabes in Gilead wat vir Saul begrawe het.

5Dawid het toe boodskappers na die manne van Jabes in Gilead gestuur om vir hulle te sê: “Ek bid dat die Here dit goed sal laat gaan met julle, want julle het gedoen wat julle moes doen en julle het julle koning Saul begrawe.

6En nou bid ek dat die Here lief sal wees vir julle en dat Hy ook goed sal doen aan julle. Ek sal self ook goed wees vir julle omdat julle hierdie goeie ding gedoen het.

7Julle koning Saul is nou dood, nou moet julle sterk wees en gereed wees om oorlog te maak. Daar is nog iets: Die Juda-stam het vir my gesalf om hulle koning te wees.”

8Abner seun van Ner, die hoof van Saul se leër, het vir Is-Boset seun van Saul na die stad Maganajim geneem

9en hy het vir Is-Boset koning gemaak oor die mense van Gilead en Aser en Jisreël en Efraim en Benjamin. Is-Boset was toe koning oor die hele Israel.

10Is-Boset seun van Saul was 40 jaar oud toe hy koning oor Israel geword het en hy was twee jaar lank koning. Dawid was koning net van die Juda-stam.

11Hy was sewe jaar en ses maande in Hebron koning van die Juda-stam.

Die oorlog tussen die manne van Dawid en die manne van Is-Boset

12Abner seun van Ner en die manne van Is-Boset seun van Saul het van die stad Maganajim na die stad Gibeon gegaan.

13Joab seun van Seruja en die manne van Dawid het ook gegaan en hulle het vir Abner en sy manne by die Gibeon-dam gekry. Abner en die manne van Is-Boset het aan die een kant van die dam gaan sit, en Joab en die manne van Dawid het aan die ander kant van die dam gaan sit.

14Toe sê Abner vir Joab: “Kom ons laat die jongmanne eers speel, dan kyk ons.” Joab het gesê: “Goed, hulle mag dit doen.”

15Toe het twaalf van die manne van Benjamin en Is-Boset en twaalf van die manne van Dawid opgestaan en hulle het vorentoe gekom.

16Elke jongman het die kop gegryp van die jongman wat voor hom was en hy het hom met sy swaard in die sy gesteek, en hulle het saam gesterf. Dit is hoekom hulle hierdie plek in Gibeon noem die “Swaard-veld.”

17Die oorlog het toe begin, en die manne het daardie dag hard geveg. Die manne van Dawid het vir Abner en die manne van Israel gewen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18Daar was drie seuns van Seruja. Hulle was Joab en Abisai en Asael. Asael het so vinnig soos ’n gasel gehardloop.

19Hy het Abner gevolg en gejaag en hy het nie weggedraai nie.

20Abner het omgekyk en gevra: “Is dit jy, Asael?” Asael het gesê: “Ja, dit is ek.”

21Toe sê Abner vir Asael: “Jy moet wegdraai en jy moet met een van die jongmanne veg, dan kan jy sy wapens en klere vir jouself vat.” Maar Asael wou nie wegdraai agter Abner nie.

22Abner het weer gesê: “Jy moet wegdraai agter my. Ek wil jou nie doodmaak nie, want dan sal ek nie in jou broer Joab se oë kan kyk nie.”

23Maar Asael wou nie wegdraai nie, en Abner het hom toe met die agterkant van sy spies deur sy maag gesteek. Die spies het by Asael se rug uitgekom, en hy het daar geval en gesterf. Elkeen wat by die plek gekom het waar Asael geval en gesterf het, het gaan staan.

24Joab en Abisai het aangehou om vir Abner te jaag. Die son het ondergegaan toe hulle by die Elmboog-heuwel kom, naby die fontein langs die pad na die Gibeon-woestyn.

25Die Benjamin-manne het by Abner bymekaargekom en hulle het daar bo-op die heuwel saam gereedgestaan om te veg.

26Maar Abner het vir Joab geskree: “Moet ons aanhou om mekaar dood te maak? Jy moet dit weet: Alles sal slegter en slegter word as ons aanhou veg. Wanneer sal jy vir jou manne sê hulle moenie aanhou om hulle broers te jaag nie?”

27Joab het toe gesê: “As jy nie gepraat het nie, dan sou die manne aangehou het om hulle broers te jaag tot die oggend toe. Dit is so seker soos God lewe.”

28Joab het die ramshoring geblaas, en al die manne het gaan staan. Hulle het nie meer die Israel-manne gejaag en aangehou veg nie.

29Abner en sy manne het daardie hele nag deur die Jordaan-vallei geloop. Hulle het oor die rivier gegaan en hulle het die volgende middag by die stad Maganajim gekom.

30Nadat Joab opgehou het om vir Abner te jaag, het hy al die manne laat bymekaarkom. Negentien van Dawid se manne was nie daar nie, en Asael was ook nie daar nie.

31Maar Dawid se manne het 360 van Abner se manne doodgemaak.

32Hulle het Asael opgetel en hom begrawe in sy pa se graf in Betlehem. Joab en sy manne het die hele nag geloop en hulle het in Hebron gekom toe dit lig word.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 Samuel 3

Die seuns van Dawid wat in Hebron gebore is

1Die oorlog tussen Is-Boset en Dawid het lank aangehou, maar Dawid se leër het sterker geword en Is-Boset se leër het swakker geword.

2Ses seuns van Dawid is gebore in Hebron: Die eerste seun was Amnon, sy ma was Aginoam van Jisreël.

3Die tweede seun was Kilab, sy ma was Abigajil. Sy was voorheen die vrou van Nabal van die stad Karmel. Die derde seun was Absalom, sy ma was Maäka, die dogter van koning Talmai van Gesur.

4Die vierde seun was Adonija, sy ma was Gaggit. Die vyfde seun was Sefatja, sy ma was Abital.

5Die sesde seun was Jitream, sy ma was Dawid se vrou Egla. Dit is die seuns van Dawid wat in Hebron gebore is.

Joab vermoor vir Abner

6Terwyl die oorlog tussen Is-Boset en Dawid aangehou het, het Abner probeer om ’n belangrike persoon te word in die familie van Saul.

7Saul het ’n byvrou gehad, sy was Rispa dogter van Aja. Is-Boset het vir Abner gevra: “Hoekom slaap jy by my pa se byvrou?”

8Abner het baie kwaad geword omdat Is-Boset dit gesê het. Abner het gesê: “Dink jy ek wil teen jou veg saam met die mense van Juda? Ek het gebly by jou pa Saul se familie, by sy broers en sy vriende, en ek het jou beskerm teen Dawid. Hoekom is jy nou kwaad vir my? Hoekom sê jy ek het iets verkeerd gedoen met die vrou?

9-10Die Here het vir Dawid belowe dat hy koning sal word oor Israel en Juda, koning oor die hele land, van die stad Dan tot by die stad Berseba. God sal my straf as ek nie nou sal help om dit te laat gebeur nie. Dan sal daar nie meer ’n koning uit die familie van Saul wees nie.”

11Is-Boset was so bang vir Abner dat hy niks kon sê nie.

12Abner het dadelik vir Dawid ’n boodskap gestuur en gesê: “Die hele land behoort aan jou. As jy ’n ooreenkoms maak met my, dan sal ek jou help om koning te word oor die hele Israel.”

13Dawid het geantwoord en gesê: “Goed, ek sal ’n ooreenkoms maak met jou, maar ek vra vir jou een ding: Jy moet vir Mikal, dogter van Saul, saambring. As jy haar nie saambring nie, dan moet jy nie na my toe kom nie.”

14Dawid het ook vir Is-Boset ’n boodskap gestuur en gesê: “Jy moet my vrou Mikal vir my teruggee. Ek het 100 Filistyne doodgemaak om haar te kry.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15 Is-Boset het iemand gestuur en hy het Mikal weggevat van haar man Paltiël seun van Lus.

16 Haar man het saam met haar gegaan en hy het geloop en huil tot by die stad Bagurim. Maar toe Abner vir hom sê hy moet teruggaan, het hy omgedraai en teruggegaan.

17 Abner het vir die leiers van Israel gesê: “Julle wou lankal hê dat Dawid julle koning moet word. Daarom, maak hom nou julle koning. Want die Here het gesê:

18 “Ek sal my volk Israel red van die Filistyne, van al hulle vyande. My dienaar Dawid sal dit doen.”

19 Abner het ook met die Benjamin-mense gepraat. Toe het hy vir Dawid in Hebron gaan sê die mense van Israel en die hele Benjamin-stam is gereed.

20 Abner het by Dawid in Hebron gekom, en daar was twintig manne saam met hom. Dawid het ’n groot ete gegee vir Abner en die manne by hom.

21 Toe het Abner vir Dawid gesê: “Ek wil nou gereedmaak en ek wil al die leiers van Israel bymekaarbring by Meneer die koning sodat hulle ’n ooreenkoms kan maak met jou. Dan sal jy koning wees van al die mense. Ek weet jy wil hulle koning wees.” Dawid het gesê Abner mag gaan, en niemand het vir Abner probeer keer nie.

22 Maar Joab en die manne van Dawid het vyande gaan aanval, en hulle kom toe in hierdie tyd terug. Hulle het baie goed saamgebring wat hulle gevat het. Abner was toe nie meer in Hebron nie, want Dawid het hom laat gaan en niemand het hom probeer keer nie.

23 Toe Joab en al sy manne in Hebron kom, het iemand vir Joab gesê: “Abner seun van Ner was hier by die koning, en die koning het hom laat gaan en niemand het hom probeer keer nie.”

24 Joab het na die koning toe gegaan en hy het vir hom gevra: “Wat het jy gedoen? Abner het hier by jou aangekom, en jy het gesê hy mag gaan. Hoekom?

25 Jy ken vir Abner seun van Ner. Hy het gekom om jou te bedrieg en te kyk wat hier by jou gebeur en wat jy alles doen.”

26 Nadat Joab by die koning was, het hy vir Abner ’n boodskap gestuur en hy het Abner laat omdraai by Siras-put. Dawid het dit nie geweet nie.

27 Toe Abner terugkom in Hebron, het Joab hom eenkant toe geneem in die poort. Hy het gesê hy wil alleen met Abner praat. Maar toe steek Joab vir Abner in sy maag omdat Abner vir Asael, Joab se broer, doodgemaak het. Abner het gesterf.

28 Toe Dawid dit later hoor, het hy gesê: “Die Here sal altyd weet dat ek en my familie onskuldig is, ons het nie vir Abner seun van Ner vermoor nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29Ek bid dat die Here vir Joab en sy hele familie sal straf oor hierdie moord. Ek bid dat daar altyd mense in die familie van Joab sal wees wat hulle doodbloei, of wat melaats is of kreupel, of wat in oorlog sterf of wat honger ly."

30Joab en sy broer Abisai het vir Abner vermoor omdat hy hulle broer Asael doodgemaak het in die oorlog by Gibeon.

31-32Dawid het vir Joab en al die manne by hom gesê: "Julle moet julle klere skeur en rouklere aantrek, julle moet rou oor Abner." Hulle het vir Abner in Hebron begrawe. Koning Dawid het geloop agter die mense wat Abner se lyk gedra het. Die koning het hard gehuil by Abner se graf, en al die manne het saam gehuil.

33Die koning het 'n klaaglied gesing oor Abner. Hy het gesê: "Hoekom moes Abner sterf soos 'n dwaas sterf?

34Niemand het jou hande vasgebind nie, niemand het jou voete vasgemaak met kettings nie, maar jy het gesterf soos iemand sterf wanneer skelms hom doodmaak." Al die manne het weer gehuil oor Abner.

35Dit was nog dag, en al die manne het vir Dawid gesê hy moet eet. Maar hy het gesê: "Die Here moet my straf as ek enige iets eet of drink voordat die son ondergaan."

36Al die manne het dit gehoor, en hulle het gedink dit is reg. Alles wat die koning gedoen het, was altyd reg vir al die mense.

37Al die manne en al die mense van Israel het daardie dag geweet en hulle was seker dat dit nie die koning was wat vir Abner seun van Ner laat doodmaak het nie.

38Die koning het vir sy manne gesê: "Julle moet dit weet, dit is 'n leier en 'n belangrike man wat vandag in die land Israel gesterf het.

39Ek is die gesalfde koning, maar ek is swak. Hierdie manne, die seuns van Seruja, is sterker as ek. Ek bid dat die Here die skelms sal straf oor dit wat hulle gedoen het."

2 Samuel 4

Twee offisiere vermoor vir Is-Boset

1Toe Is-Boset seun van Saul hoor dat Abner in Hebron gesterf het, het hy so geskrik dat hy niks kon doen nie, en al die mense van Israel was baie bang.

2Is-Boset het twee offisiere gehad wat die leiers was van manne wat stede aangeval het en wat die goed in die stede gevat het. Hulle name was Baäna en Rekab, en hulle was seuns van Rimmon, 'n man van die stad Beërot. Hulle was Benjamin-mense, want Beërot was in die land Benjamin.

3Die mense van Beërot het na die stad Gittajim gevlug en hulle is nou nog daar vreemdelinge.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Saul se seun Jonatan het ’n seun gehad. Die seun se bene was verlam. Hy was vyf jaar oud toe hulle gehoor het wat met Saul en Jonatan gebeur het naby Jisreël. Die vrou wat die seun opgepas het, het hom geneem en gevlug, maar sy was so haastig om te vlug dat sy hom laat val het, en hy het verlam geword. Die seun se naam was Mefiboset.

5Rekab en Baäna, die seuns van Rimmon van die stad Beërot, het op die warmste tyd van die dag in die huis van Is-Boset ingekom toe hy die middag geslaap het.

6Hulle het gesê hulle bring koring en hulle het vir Is-Boset in sy maag gesteek en gevlug.

7Terwyl Is-Boset op sy bed in die slaapkamer gelê het, het hulle in die huis ingekom en hulle het hom doodgemaak. Hulle het sy kop afgesny en saamgeneem. Hulle het die hele nag op die pad deur die Jordaan-vallei geloop

8en hulle het Is-Boset se kop vir Dawid in Hebron gebring. Hulle het vir die koning gesê: “Hier is die kop van jou vyand Is-Boset seun van Saul wat jou wou doodmaak. Die Here het vandag vir Saul en sy nageslag gestraf oor wat hulle aan Meneer die koning gedoen het.”

9Dawid het die broers Rekab en Baäna, die seuns van Rimmon van die stad Beërot, geantwoord en hy het vir hulle gesê: “Luister, so seker soos die Here lewe wat my uit elke gevaar gered het,

10toe iemand vir my in Siklag kom vertel het dat Saul dood is, het hy gedink hy bring goeie nuus. Toe het ek hom gegryp en ek het hóm doodgemaak. Dit is wat ek vir hom gegee het vir sy goeie nuus.

11En wanneer skelms ’n onskuldige man in sy huis op sy bed doodgemaak het, wat moet ek doen? Ek moet julle straf omdat julle hom vermoor het en ek moet julle wegvee van die aarde.”

12Dawid het toe vir die jongmanne gesê om die twee manne dood te maak. Die jongmanne het dit gedoen en hulle het die twee manne se hande en voete afgekap. Hulle het die manne opgehang by die dam in Hebron. Hulle het die kop van Is-Boset geneem en hulle het dit begrawe in die graf van Abner in Hebron.

2 Samuel 5

Dawid word koning ook oor Israel

1Die leiers van al die stamme van Israel het na Dawid toe gekom in die stad Hebron en hulle het vir hom gesê: “Jy weet ons is jou mense.

2Toe Saul ons koning was, het jy ook vir Israel in die oorlog gelei, en die Here het vir jou gesê: “Jy moet ’n herder wees vir my volk Israel, jy moet koning wees oor my volk Israel.”

© Bible Society of South Africa.

3Al die leiers van Israel het na die koning toe gekom in Hebron. Koning Dawid het met hulle ’n ooreenkoms gemaak by die tempel in Hebron. Hulle het vir Dawid gesalf om koning te wees oor Israel.

4Dawid was 30 jaar oud toe hy koning geword het en hy was 40 jaar lank koning.

5In Hebron het hy sewe jaar en ses maande regeer oor die Juda-stam en in Jerusalem het hy 33 jaar regeer oor die hele Israel en oor die Juda-stam.

Dawid oorwin die stad Jerusalem en hy gaan woon daar

(Kyk ook 1 Kron 11:4-9)

6Toe die koning en sy manne by Jerusalem gekom het, het die Jebusiete wat daar gewoon het, vir Dawid gesê: “Jy sal nie hier kan inkom nie. Mense wat swak is, sal jou kan keer, jy sal nie hier inkom nie, ja, mense wat nie kan sien nie en wat nie kan loop nie, sal jou keer.” Hulle het gedink Dawid sal nie in die stad kan inkom nie,

7maar Dawid het die stad Sion wat sterk mure gehad het, oorwin, dit is nou die Dawidstad.

8Dawid het daardie dag gesê: “As iemand die Jebusiete wil oorwin, dan sal hy deur die watertonnel moet gaan om by hulle te kom, by die mense wat nie kan sien of kan loop nie. Ek haat hierdie mense.” Dit is hoekom hulle sê mense wat nie kan sien of kan loop nie, mag nie in die tempel kom nie.

9Dawid het gaan woon in die stad wat sterk mure het en hy het dit die Dawidstad genoem. Hy self het geboue gebou, van die terrasse tot teen sy paleis.

10Dawid het ’n belangrike koning geword. Die Here, die God wat oor alles regeer, was by hom.

11Koning Hiram van die stad Tirus het boodskappers na Dawid toe gestuur. Hy het ook sederhout gestuur en ambagsmanne wat met hout en klip kon werk, en hulle het vir Dawid ’n paleis gebou.

12Dawid het besef dat die Here vir hom koning oor Israel gemaak het. Hy het besef dat die Here lief is vir sy volk Israel en dat Hy daarom vir Dawid ’n belangrike koning laat word het.

13Nadat Dawid uit Hebron gekom het, het hy met nog vroue en byvroue in Jerusalem getrou, en hulle het vir Dawid nog seuns en dogters gekry.

14Hier is die name van die kinders van Dawid wat in Jerusalem gebore is: Sammua, Sobab, Natan, Salomo,

15Jibgar, Elisua, Nefeg, Jafija,

16Elisama, Eljada en Elifelet.

Dawid maak oorlog teen die Filistyne

(Ook 1 Kron 14:8-16)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Die Filistyne het gehoor dat die leiers van Israel vir Dawid koning gemaak het, en al die Filistyne het vir Dawid kom soek. Dawid het dit gehoor en hy het na ’n plek in die berge gegaan waar ’n mens nie maklik kan kom nie.

18Die Filistyne het gekom tot in Spook-laagte.

19Dawid het vir die Here gevra: “Moet ek die Filistyne gaan aanval? Sal U my laat wen teen hulle?” Die Here het vir Dawid gesê: “Ja, Ek sal jou laat wen teen die Filistyne, dit is seker.”

20Dawid het na die stad Baäl-Perasim gegaan en hy het die Filistyne daar oorwin. Hy het gesê: “Die Here het my vyande oorwin en stukkend geslaan soos water alles stukkend breek.” Dit is hoekom hulle daardie plek Baäl-Perasim noem.

21Die Filistyne het hulle afgode daar gelos, en Dawid en sy manne het dit opgetel.

22Toe die Filistyne weer in Spook-laagte kom,

23het Dawid vir die Here gevra wat hy moet doen. Die Here het gesê: “Jy moenie vir hulle van voor aanval nie, jy moet agter-om hulle gaan en jy moet hulle aanval by die melkbosse.

24Jy sal in die boonste punte van die melkbosse iets hoor, jy sal dink jy hoor dat mense daar loop. Wanneer jy dit hoor, dan moet jy die Filistyne aanval, want dit is Ek wat voor jou gaan om die Filistyne te oorwin.”

25Dawid het gedoen wat die Here gesê het, en hy het die Filistyne oorwin, van die stad Geba tot waar ’n mens by die stad Geser kom.

2 Samuel 6

Dawid bring die verbondskis in die Dawidstad

1Dawid het gesê al die belangrike manne in die land Israel moet bymekaarkom.

2Hy en al die manne het gereedgemaak en hulle het na die stad Baäl in Juda gegaan om die verbondskis daar te gaan haal. Dit is die kis van God, die kis wat sy Naam het, die Naam van die Here wat oor alles regeer. Sy troon is bokant die gerubs.

3Hulle het die kis van God uit die huis van Abinadab op die heuwel geneem en hulle het dit op ’n nuwe wa gesit. Ussa en Agjo, die seuns van Abinadab, het die beeste gedryf wat die wa getrek het.

4Agjo het voor die kis geloop.

5Dawid en al die leiers van Israel het voor die verbondskis gespeel op musiek-instrumente van sipreshout, op liere en harpe en ratels en simbale.

6Toe hulle by die dorsvloer van Nakon kom, het die beeste amper geval en Ussa het sy hand uitgesteek om die kis van God vas te hou.

© Bible Society of South Africa.

7Dit was ’n fout. Die Here het kwaad geword vir Ussa en Hy het vir Ussa daaroor gestraf. Ussa het daar by die kis van God gesterf.

8Dawid was baie geskok en ontsteld omdat die Here vir Ussa laat sterf het. Dawid het daardie plek genoem “ Peres-Ussa,” en dit is vandag nog die plek se naam.

9Dawid het daardie dag baie bang geword vir die Here. Dawid het gesê: “Ek kan nie die kis van die Here na my toe laat kom nie.”

10Daarom het Dawid nie die kis na hom toe laat kom in die Dawidstad nie. Hy het gesê hulle moet die kis bring na die huis van Obed-Edom. Obed-Edom het van die stad Gat gekom.

11Die kis van die Here het drie maande lank in die huis van Obed-Edom gebly. Die Here het die huisgesin van Obed-Edom geseën en ook alles wat aan hom behoort.

12Koning Dawid het gehoor dat die Here dit goed laat gaan met die huisgesin van Obed-Edom en met alles wat hy het, omdat die kis van God by hom is. Dawid het toe gegaan en hy het die kis van God uit die huis van Obed-Edom geneem en hy het dit na die Dawidstad gebring. Dawid was baie bly.

13Die manne wat die kis gedra het, het ses tree geloop, en daarna het Dawid ’n bul en ’n vet jong bees ge-offer. Hy het dit elke maal gedoen wanneer hulle ses tree geloop het.

14Dawid het wild gedans voor die Here. Hy het ’n linne- skouer-kleed aangehad.

15Dawid en al die leiers van Israel het die kis van God gebring. Hulle het geskree en hulle het ramshorings geblaas.

16Toe die kis van die Here in die Dawidstad kom, het Mikal dogter van Saul by die venster uitgekyk en sy het gesien hoe spring en dans koning Dawid voor die Here. Sy het Dawid nie meer gerespekteer nie.

17Dawid het ’n tent laat opslaan vir die kis van die Here. Hulle het toe die kis gebring en hulle het dit neergesit op sy plek in die tent. Dawid het brand-offers en ete-offers vir die Here gebring.

18Daarna het hy die Naam van die Here wat oor alles regeer, genoem en hy het die mense gegroet.

19Hy het ’n broodjie en ’n koek dadels en ’n koek rosyne vir elke vrou en elke man gegee. Hy het dit vir al die mense gegee, vir al die baie mense van Israel. Hulle het toe almal huis toe gegaan.

20Toe Dawid teruggaan om sy huisgesin te groet, het Mikal dogter van Saul na hom toe gekom en gesê: “Die koning van Israel het vandag ’n slegte ding gedoen. Jy het soos ’n dwaas amper kaal voor jou amptenare se slavinne gedans.”

© Bible Society of South Africa.

21Dawid het vir Mikal gesê: “Ek het gedans voor die Here wat my gekies en aangestel het om koning te wees oor sy volk Israel. Hy het nie jou pa en sy hele nageslag gekies nie.

22Ek sal my nog meer verneder en ek sal wys hoe onbelangrik ek is. Jy praat van hierdie slavinne, maar hulle sal aanhou om my te respekteer.”

23Mikal dogter van Saul het nooit ’n baba gekry nie, totdat sy gesterf het.

2 Samuel 7

Die Here belowe dat Dawid se koningshuis lank sal regeer

(Ook 1 Kron 17:1-15)

1Die koning het in sy paleis gewoon. Die Here het hom laat rus. Nie een van sy vyande het nog oorlog gemaak teen hom nie.

2Die koning sê toe vir die profeet Natan: “Kyk, ék woon in ’n paleis van sederhout, maar die kis van God staan in ’n tent.”

3Natan het vir die koning gesê: “Jy mag alles doen wat jy wil doen, want die Here is by jou.”

4Maar daardie nag het Natan gehoor die Here sê vir hom:

5“Jy moet vir my dienaar Dawid gaan sê dat Ek sê: ‘Is dit jý wat vir My ’n tempel wil bou om in te woon?

6Ek vra dit, want Ek het nie in ’n tempel gewoon nie vandat Ek die Israeliete uit Egipte gebring het tot nou toe. Ek het saam met hulle rondgegaan in ’n tent of ’n tempel-tent.

7Ek het oral saam met die Israeliete gegaan, maar Ek het nooit gekla by een van die leiers wat Ek gekies en aangestel het om vir my volk Israel ’n herder te wees nie. Ek het nooit gevra dat julle vir My ’n tempel moet bou van sederhout nie.’

8Daarom moet jy vir my dienaar Dawid sê dat Ek, die Here wat oor alles regeer, sê: ‘Dit is Ék wat jóú weggeneem het uit die weiveld by die skape en bokke. Ék het jou daar weggeneem om koning te word oor my volk Israel,

9en Ék was by jou oral waar jy gegaan het. Ék het al jou vyande laat sterf en Ék het jou so belangrik laat word soos die belangrike konings op die aarde.

10Ék het vir my volk Israel ’n plek gegee om te woon, en hulle woon in hulle eie land. Niemand pla hulle nie, en slegte mense laat hulle nie meer swaarkry nie soos voorheen

11in die tyd toe Ek leiers gekies en aangestel het oor my volk Israel. Ek het jou laat rus, vyande maak nie meer oorlog teen jou nie. “ ‘Nou sê Ek vir jou: Ek sal vir jóú ’n koningshuis gee.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Wanneer jou tyd verby is en jy sterf, dan sal Ek een van jou eie seuns koning laat
word, en hy sal lank koning wees.

13Hý sal vir My ’n tempel bou, en Ek sal hom baie lank laat regeer.

14Ek sal vir hom wees soos ’n pa, en hy sal vir My wees soos ’n seun. Wanneer hy
verkeerde dinge doen, dan sal Ek hom straf soos ’n mens ’n kind straf.

15Ek sal aanhou om vir hom te doen wat Ek belowe het. Ek het dit nie gedoen vir Saul
wat vóór jou koning was nie.

16Jou koningshuis sal baie lank aanhou regeer, iemand van jou nageslag sal altyd
koning wees.’ ”

17Natan het vir Dawid alles gesê wat die Here vir hom gesê en gewys het.

Dawid sê dankie vir die Here

(Ook 1 Kron 17:16-27)

18Koning Dawid het ingegaan in die tent en hy het voor die verbondskis gaan lê. Hy
het gesê: “Here God, ek en my familie is nie belangrik nie. Hoekom het U so baie vir
my gedoen?

19En, Here, my Here, U het nog meer gedoen. U het ook nog gepraat oor u dienaar
se koningshuis wat nog baie lank sal regeer. Dit, Here, my Here, is wat U gesê het
moet gebeur met my, ’n mens.

20Wat kan ek, Dawid, nog vir U sê? Here, my Here, U ken u dienaar.

21U het dit besluit en U het hierdie groot ding gedoen om dit vir u dienaar te sê.

22Daarom, Here, my Here, U is groot, niemand is soos U nie. U alleen is God, ons
weet nie van ’n ander God nie.

23En wie is soos u volk, soos Israel? U het net vir húlle gekies uit al die volke op die
aarde en U het hulle vrygemaak om u volk te wees. U het vir Uself ’n groot Naam
gemaak, want U het groot en wonderlike dinge gedoen vir u land toe U vir Uself
hierdie volk uit Egipte vrygemaak het van ander volke en gode.

24U het u volk Israel ’n volk gemaak wat baie lank daar sal wees, want U, Here, het
hulle God geword.

25En nou, Here, U het dinge belowe oor my, u dienaar, en oor my koningshuis. U
moet nou daardie dinge waar laat word, dit moet nog lank so wees. U moet doen
wat U gesê het.

26U moet altyd belangrik wees, en die mense moet sê: ‘Die Here wat oor alles regeer,
die God van Israel, is God oor Israel.’ En die koningshuis van u dienaar Dawid moet
altyd regeer en hulle moet vir U dien.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Want U, Here wat oor alles regeer, God van Israel, dit is U wat dit vir u dienaar
gesê het. U het gesê U sal vir my 'n koningshuis bou. Dit is hoekom u dienaar hierdie
gebed tot U kon bid.

28En nou, Here, my Here, U alleen is God, en U sal doen wat U gesê het. U het hierdie
goeie ding gesê oor u dienaar.

29Begin nou asseblief en laat dit goed gaan met u dienaar se koningshuis, U moet
altyd by die koningshuis wees. Want U, Here, my Here, het gepraat. U het gesê dit sal
goed gaan, en daarom sál dit altyd goed gaan met die koningshuis van u dienaar."

2 Samuel 8

Dawid maak oorlog

(Ook 1 Kron 18:1-13)

1Later het Dawid die Filistyne heeltemal oorwin, en hulle was toe te swak om weer
die mense van Juda te pla.

2Dawid het ook die Moabiete oorwin. Hy het hulle in rye langs mekaar op die grond
laat lê en hy het die rye met 'n maatlyn gemeet. Hy het twee maal met die maatlyn
gemeet en dan het hy die manne laat doodmaak wat daar gelê het. Dan het hy weer
een maal met die maatlyn gemeet en hy het die manne laat lewe wat daar gelê het.
Die Moabiete moes vir Dawid werk en hulle moes belasting betaal vir hom.

3Dawid het na die Eufraat-rivier gegaan om sy gedenksteen weer regop te sit. Hy het
vir Hadad-Eser, seun van Regob en koning van Soba, oorwin.

4Dawid het 1 700 manne op perde en 20 000 voetsoldate gevat van Hadad-Eser.
Dawid het al die perde se hakskene laat afsny, die perde wat die oorlogkarre getrek
het. Hy het net genoeg perde laat oorbly om 100 oorlogkarre te trek.

5Die Arameërs van Damaskus het gekom om vir koning Hadad-Eser van Soba te help,
maar Dawid het hulle oorwin en hy het 20 000 van hulle manne doodgemaak.

6Dawid het manne by die Arameërs van Damaskus laat bly om wag te staan. Die
Arameërs moes vir Dawid werk en hulle moes belasting betaal vir hom. Die Here het
vir Dawid gehelp oral waar hy gegaan het.

7Die amptenare van Hadad-Eser het goue skilde gedra. Dawid het die skilde gevat
en hy het dit na Jerusalem gebring.

8Dawid het baie brons gebring uit Betag en Berotai. Dit was twee stede van Hadad-
Eser.

9Koning Toï van Hamat het gehoor dat Dawid vir Hadad-Eser oorwin het.

10Daarom het Toï sy seun Joram gestuur om koning Dawid te groet en om hom geluk
te wens omdat hy oorlog gemaak het teen Hadad-Eser en hom oorwin het. Daar was

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

voorheen baie maal oorlog tussen Toï en Hadad-Eser. Toï het vir Joram presente gegee om saam te neem vir Dawid, silwer, goud en brons.

11Koning Dawid het hierdie presente ook aan die Here gewy. Dawid het voorheen ook die silwer en die goud gewy wat hy gevat het van die ander volke wat hy oorwin het.

12Dit was die silwer en goud van die Arameërs en Moabiete en Ammoniete en Filistyne en Amalekiete, en ook die goed wat hy gevat het van Hadad-Eser seun van Regob koning van Soba.

13Dawid het beroemd geword toe hy 18 000 Edomiete in die Sout-vallei oorwin het. Hy het hulle oorwin nadat hy die Arameërs oorwin het.

14Hy het manne by die Edomiete laat bly om wag te staan, oral in die land Edom, en al die Edomiete moes werk vir Dawid. Die Here het vir Dawid gehelp oral waar hy gegaan het.

Dawid se amptenare

(Ook 1 Kron 18:14-17)

15Dawid was koning oor al die Israeliete. Hy het reg en goed gedoen aan al sy mense.

16Joab seun van Seruja was die hoof van die leër, Josafat seun van Agilud was die hoof van al die amptenare,

17Sadok seun van Agitub en Agimelek seun van Abjatar was die priesters en Seruja was die sekretaris.

18Benaja seun van Jojada was hoof van die soldate wat die koning moes oppas. Dawid se seuns was priesters.

2 Samuel 9

Dawid sorg vir Jonatan se seun

1Dawid het gevra: “Lewe daar nog iemand van die nageslag van Saul? Ek wil vir hom doen wat ek moet doen, want ek het dit vir Jonatan belowe.”

2Daar was ’n amptenaar van die koningsfamilie van Saul, sy naam was Siba. Die mense het hom laat roep, en toe hy by Dawid kom, het die koning gevra: “Is jy Siba?” Hy het gesê: “Ja, wat kan ek vir jou doen?”

3Die koning het vir hom gevra: “Lewe daar nog iemand van die nageslag van Saul? Ek wil vir hom doen wat ek moet doen, ek het dit voor God belowe.” Siba het vir die koning gesê: “Daar is nog ’n seun van Jonatan. Maar sy bene is verlam.”

4Die koning het vir Siba gevra: “Waar is hy?” Siba het vir die koning gesê: “Hy is in die stad Lo-Dabar, in die huis van Makir seun van Ammiël.”

© Bible Society of South Africa.

5Koning Dawid het mense gestuur en hy het vir Mefiboset laat haal by die huis van Makir seun van Ammiël in Lo-Dabar.

6Toe Mefiboset seun van Jonatan seun van Saul by Dawid kom, het hy laag gebuig met sy gesig teen die grond. Dawid het gesê: “Mefiboset.” En Mefiboset het gesê: “Hier is ek, wat kan ek vir jou doen?”

7Dawid het vir hom gesê: “Moenie bekommerd wees nie. Ek wil vir jou doen wat ek moet doen, ek het dit vir jou pa Jonatan belowe. Ek gee vir jou al die grond wat jou oupa Saul gehad het. En jy kan elke dag saam met my eet.”

8Mefiboset het laag gebuig en gesê: “Hoekom wil jy vir my sorg? Ek beteken niks, ek is soos ’n dooie hond.”

9Die koning het vir Siba, die amptenaar van Saul, geroep en vir hom gesê: “Ek het alles wat aan Saul en sy hele familie behoort het, vir die seun van jou meneer Jonatan gegee.

10Jy moet vir hom in sy grond werk, jy en jou seuns en jou slawe, en jy moet die koring en die gars bring wat jy afgesny het, en die vrugte wat jy gepluk het, sodat jou meneer se seun kos sal hê om te eet. Mefiboset, die seun van jou meneer, moet elke dag saam met my eet.” Siba het 15 seuns gehad en 20 slawe.

11Siba het vir die koning gesê: “Ek sal alles doen wat Meneer die koning vir my gesê het sodat Mefiboset saam met die koning kan eet soos die koning se eie seuns.”

12Mefiboset het ’n klein seuntjie gehad. Sy naam was Mika.

13Mefiboset het in Jerusalem gewoon, want hy het elke dag saam met die koning geëet. Altwee sy bene was verlam.

2 Samuel 10

Oorlog teen die Ammoniete en die Arameërs

(Ook 1 Kron 19:1-19)

1Die koning van die Ammoniete het gesterf, en sy seun Ganun het koning geword ná hom.

2Dawid het gedink: Ganun se pa was ’n vriend van my, ek wil ook ’n vriend wees van Ganun seun van Nagas. Dawid het toe amptenare gestuur om vir Ganun te sê dat hy saam met hom hartseer voel omdat sy pa dood is. Maar toe die amptenare van Dawid in die land van die Ammoniete kom,

3het die leiers van die Ammoniete vir hulle koning Ganun gesê: “Wat dink jy, hoekom het hierdie amptenare na ons toe gekom? Dink jy Dawid het jou pa gerespekteer en daarom het hy mense na jou toe gestuur om vir jou te sê dat hy hartseer voel saam met jou? Nee, ons dink hy het sy amptenare na jou toe gestuur net om oral in die stad te kyk en te sien hoe hulle die stad kan aanval en verwoes.”

© Bible Society of South Africa.

4Toe neem Ganun die amptenare van Dawid en hy laat die helfte van elke amptenaar se baard afskeer. Hy het ook hulle klere laat afsny by die heupe, en toe het hy hulle laat gaan.

5Die manne het baie verneder gevoel. Toe Dawid hoor wat met die manne gebeur het, het hy mense gestuur om hulle te ontmoet en vir hulle te sê dat hulle in Jerigo moet bly totdat hulle baarde weer gegroei het, want die manne het baie verneder gevoel.

6Die Ammoniete het besef dat Dawid kwaad is vir hulle, en hulle het mense gestuur om soldate te huur om vir hulle te help. Hulle het 20 000 voetsoldate gehuur van die Arameërs van Bet-Regob en van die Arameërs van Soba. Hulle het ook 1 000 manne gehuur van die koning van Maäka en 12 000 manne van die mense van Tob.

7Toe Dawid dit hoor, het hy vir Joab en al sy manne gestuur, manne wat goed oorlog kon maak.

8Die Ammoniete het uitgekom en hulle het gereedgestaan voor die poort van hulle stad. Die Arameërs van Soba en Regob en die manne van Tob en Maäka het op ’n ander plek in die veld gestaan.

9Joab het gesien hy sal op twee plekke oorlog moet maak. Hy het van die beste manne van Israel gekies en hy het hulle laat gereedstaan om teen die Arameërs te veg.

10Hy het die ander manne vir sy broer Abisai gegee en hy het hulle laat gereedstaan om teen die Ammoniete te veg.

11Joab het vir Abisai gesê: “As die Arameërs my wen, dan moet jy my kom help, en as die Ammoniete jou wen, dan sal ek jou kom help.

12Jy moet dapper wees en goed veg vir ons volk en vir die stede van ons God. Die Here sal laat gebeur wat Hy wil hê.”

13Joab en sy manne het toe begin om oorlog te maak teen die Arameërs, en die Arameërs het weggevlug van hom.

14Toe die Ammoniete sien dat die Arameërs vlug, het hulle ook weggevlug van Abisai en hulle het ingegaan in hulle eie stad. Joab het toe opgehou oorlog maak teen die Ammoniete en hy het na Jerusalem gegaan.

15Toe die Arameërs besef dat die Israeliete hulle oorwin het, het hulle almal bymekaargekom.

16Hadad-Eser het ook die Arameërs laat kom wat oorkant die Eufraat-rivier was. Hulle het bymekaargekom by die stad Gelam, en Sobak, die hoof van Hadad-Eser se leër, het hulle gelei.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Dawid het dit gehoor, en hy het al die Israeliete laat bymekaarkom. Hy het oor die Jordaan-rivier gegaan en hy het by Gelam gekom. Die Arameërs het gereedgemaak en hulle het begin oorlog maak teen Dawid.

18Maar die Arameërs het weggevlug van die Israeliete. Dawid het die manne op 700 oorlogkarre doodgemaak, en ook 40 000 manne op perde. Sobek, die hoof van die leër, het ook gesterf.

19Hadad-Eser het regeer oor ’n paar konings, en toe hulle sien dat die Israeliete hulle gewen het in die oorlog, het hulle vrede gemaak met die Israeliete, en die Israeliete het oor die Arameërs regeer. Die Arameërs was bang om weer vir die Ammoniete te help.

2 Samuel 11

Dawid laat vir Urija doodmaak en hy vat Urija se vrou

1Dit was in die lente-tyd, die tyd wanneer konings altyd gaan oorlog maak het. Dawid het vir Joab en sy manne en al die Israeliete gestuur, en hulle het die Ammoniete oorwin. Hulle het hulle tente opgeslaan rondom die stad Rabba. Dawid het in Jerusalem gebly.

2Een aand het hy opgestaan van sy rusbank en hy het op die dak van die paleis gaan loop. Hy sien toe ’n vrou wat bad. Sy was baie mooi.

3Dawid het iemand gestuur om uit te vind wie die vrou is. Dit was Batseba, die dogter van Eliam. Batseba was die vrou van Urija die Hetiet.

4Dawid het boodskappers gestuur om die vrou te gaan haal. Sy het na hom toe gekom, en hy het by haar geslaap. Dit het gebeur ná haar reinigingsbad.

5Batseba het teruggegaan huis toe, en toe sy besef dat sy swanger is, het sy vir Dawid laat weet sy is swanger.

6Dawid het toe vir Joab laat weet hy moet Urija die Hetiet na hom toe stuur. Joab het dit gedoen.

7Toe Urija by Dawid kom, het Dawid vir hom gevra hoe dit gaan met Joab en die manne en die oorlog.

8Daarna het Dawid vir Urija gesê: “Gaan nou huis toe en was jou voete.” Toe Urija uit die paleis gaan, het die koning vir hom ’n present gestuur.

9Maar Urija het nie huis toe gegaan nie, hy het voor die paleis geslaap by die mense wat vir die koning gewerk het.

10Toe Dawid hoor dat Urija nie huis toe gegaan het nie, het hy vir Urija gesê: “Jy het ver geloop, hoekom gaan jy nie huis toe nie?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Maar Urija het vir Dawid gesê: “Die verbondskis en die mense van Israel en Juda bly in hutte, en my meneer Joab en sy manne bly in tente in die veld. Dink jy dit is reg dat ek huis toe gaan en eet en drink en by my vrou slaap? Nee. So seker soos jy lewe, ek sal dit nie doen nie.”

12Toe sê Dawid vir Urija: “Bly nog vandag hier, ek sal jou môre laat gaan.” Urija het daardie dag en die volgende dag nog in Jerusalem gebly.

13Dawid het hom geroep en Dawid het saam met Urija geëet en gedrink. Dawid het vir Urija dronk gemaak. Maar Urija het die aand op sy bed gaan slaap by die mense wat vir die koning gewerk het, hy het nie huis toe gegaan nie.

14Dawid het toe die volgende oggend vir Joab ’n brief geskryf en hy het dit saam met Urija gestuur.

15In die brief het Dawid geskryf: “Jy moet vir Urija laat veg op die plek waar die vyande die hardste veg, en dan moet julle weggaan agter hom en hom alleen los sodat die vyande hom kan aanval en hy kan sterf.”

16Joab was besig om die stad van al die kante aan te val, en hy het Urija laat veg op ’n plek waar hy geweet het die vyande kan baie goed veg.

17Die vyande het uit die stad gekom en hulle het teen Joab en die manne geveg. Party van Dawid se manne het gesterf, en Urija die Hetiet het ook gesterf.

18Joab het vir Dawid ’n boodskap gestuur en hy het vir Dawid laat weet wat alles in die oorlog gebeur het.

19Joab het vir die boodskapper gesê: “As jy klaar vir die koning vertel het wat alles in die oorlog gebeur het, dan sal hy kwaad word en vir jou sê:

20‘Hoekom het julle so naby die stad gaan veg? Julle weet die vyande is bo-op die muur en hulle skiet van daar af.

21 Wie het vir Abimelek seun van Jerub-Beset raakgegooi? Dit was ’n vrou wat bo-op die muur was en sy het van daar ’n maalklip op hom gegooi. So het Abimelek daar in Tebes gesterf. Hoekom het julle naby die muur gekom?’ Dan moet jy vir koning Dawid sê: ‘Urija die Hetiet is ook dood.’ ”

22Die boodskapper het gegaan en hy het vir Dawid alles kom sê wat Joab vir hom gesê het.

23Die boodskapper het vir Dawid gesê: “Regtig, die manne was baie sterker as ons. Hulle het uitgekom om ons aan te val in die veld, en ons het teruggeveg tot by die poort.

24Die manne wat bo-op die muur was, skiet toe na ons met hulle pyle, en party van die koning se manne het gesterf. Urija die Hetiet is ook dood.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Dawid het vir die boodskapper gesê: “Jy moet vir Joab sê: ‘Jy moenie sleg voel oor hierdie ding nie, want hierdie dinge gebeur in oorlog. Jy moet nou hard veg en jy moet die stad verwoes.’ Jy moet vir Joab sê hy moet sterk wees.”

26Toe Urija se vrou hoor dat haar man dood is, het sy gerou oor haar man.

27Toe die routyd verby is, het Dawid vir Batseba laat haal en hy het haar na sy huis gebring. Sy het Dawid se vrou geword en sy het vir hom ’n seun gekry. Die Here het nie gehou van hierdie ding wat Dawid gedoen het nie.

2 Samuel 12

Die Here straf vir Dawid

1Die Here het vir Natan na Dawid toe gestuur. Natan het by Dawid gekom en hy het vir Dawid gesê: “Daar was twee mans in ’n stad, die een man was ryk en die ander man was arm.

2Die ryk man het groot troppe skape en bokke en beeste gehad.

3Die arm man het niks gehad nie, hy het net een klein skaap-ooitjie gehad wat hy gekoop het. Hy het die ooitjie grootgemaak, en sy het by hom grootgeword saam met sy kinders. Die ooitjie het geëet van sy bietjie kos en sy het uit sy beker gedrink en teen sy bors geslaap. Sy was vir hom soos ’n dogter.

4Daar kom toe ’n besoeker by die ryk man, en die ryk man was te suinig om van sy eie skape of bokke of beeste te slag om vir die besoeker kos te gee. Die ryk man vat toe die ooitjie van die arm man en hy slag haar en gee die vleis vir die man wat by hom gekom het.”

5Dawid het baie kwaad geword vir die ryk man. Hy het vir Natan gesê: “So seker soos die Here lewe, die man wat dit gedoen het, moet sterf.

6Hy het een ooitjie van die arm man gevat, maar hy moet vier ooitjies teruggee omdat hy hierdie verkeerde ding gedoen het, en omdat hy nie jammer was vir die arm man nie.”

7Toe sê Natan vir Dawid: “Jý is die ryk man. Die Here die God van Israel sê: Ek het jou gesalf om koning te wees van Israel en Ek het jou gered van Saul.

8Ek het jou koning laat word ná Saul en Ek het sy vroue vir jou gegee. Ek het jou koning laat word van Israel en Juda. En as dit te min was, dan sou Ek nog baie meer vir jou gegee het.

9Hoekom was jy ongehoorsaam aan My? Hoekom het jy iets gedoen waarvan Ek nie hou nie? Jy het vir Urija die Hetiet vermoor, jy het sy vrou vir jouself gevat en jy het hom laat doodmaak met die wapens van die Ammoniete.

© Bible Society of South Africa.

10Daarom, daar sal altyd oorlog wees in jou familie, want jy het gewys dat jy dink Ek is nie belangrik nie. Jy het die vrou van Urija die Hetiet vir jouself gevat.

11“Die Here sê: Ek sal nou iemand uit jou eie familie laat kom, hy sal jou laat swaarkry. Ek sal jou vroue vat en Ek sal hulle vir ’n ander persoon gee. Jy sal dit sien. Hy sal in die dag by jou vroue slaap, almal sal dit sien.

12Want jy het hierdie verkeerde ding gedoen waar niemand dit gesien het nie, maar Ek sal hierdie ding doen in die dag waar al die Israeliete dit kan sien.”

13Dawid het vir Natan gesê: “Ek het sonde gedoen teen die Here.” Natan sê toe vir Dawid: “Die Here het jou sonde vergewe omdat jy dit gesê het. Jy sal nie sterf nie.

14Maar jy het dieselfde gedoen wat die vyande van die Here doen, jy het gewys dat jy dink die Here is nie belangrik nie. Daarom sal die seun sterf wat vir jou gebore is. Dit is seker.”

15Natan het huis toe gegaan. Die Here het die kind siek laat word wat die vrou van Urija vir Dawid gekry het.

16Dawid het tot God gebid vir die kind en hy het gevas en in sy kamer ingegaan. Hy het die hele nag op die grond gelê.

17Die amptenare in sy paleis het probeer om hom te laat opstaan van die grond, maar hy wou nie en hy wou ook nie saam met hulle eet nie.

18Die kind het op die sewende dag gesterf. Dawid se amptenare was bang om vir hom te sê dat die kind dood is. Hulle het gesê: “Toe die kind nog gelewe het, het ons met die koning gepraat, maar hy het nie na ons geluister nie. Ons kan nie nou vir hom sê dat die kind dood is nie. Hy sal miskien ’n verkeerde ding doen.”

19Dawid het gesien dat sy amptenare fluister en hy het besef dat die kind dood is. Hy vra toe vir sy amptenare of die kind dood is, en hulle het gesê: “Ja, hy is dood.”

20Toe staan Dawid op en hy was en hy smeer lekkerruik-olie aan homself. Hy het ander klere aangetrek en hy het na die tempel-tent gegaan en gebid. Daarna het hy huis toe gegaan en kos gevra. Hulle het vir hom kos gegee en hy het geëet.

21Sy amptenare vra toe vir hom: “Hoekom doen jy dit? Toe die kind gelewe het, het jy gevas en gehuil. Maar nou is die kind dood, en nou staan jy op en jy eet.”

22Dawid het gesê: “Toe die kind nog gelewe het, het ek gevas en gehuil, want ek het gedink die Here sal miskien goed wees vir my en Hy sal die kind laat lewe.

23Maar nou is die kind dood. Hoekom moet ek nou vas? Kan ek hom weer laat lewe? Nee. Ek sal na hom toe gaan, maar hy kan nie terugkom na my toe nie.”

Salomo word gebore

© Bible Society of South Africa.

24Dawid het sy vrou Batseba getroos. Hy het na haar toe gegaan en by haar geslaap.
Sy het ’n seun gekry, en Dawid het hom Salomo genoem. Die Here was lief vir die
kind.

25Die Here het vir Natan gestuur om te sê sy naam moet Jedidja wees, want die Here
is lief vir hom.

Dawid oorwin die stad Rabba

(Kyk ook 1 Kron 20:1-3)

26Joab het nog oorlog gemaak teen die stad Rabba van die Ammoniete. Hy het die
deel van die stad oorwin waar die koning gewoon het.

27Toe stuur Joab vir Dawid ’n boodskap. Hy het gesê: “Ek het oorlog gemaak teen
Rabba en ek het die deel van die stad oorwin waar die water is.

28Jy moet nou die manne wat oor is, bymekaarmaak en julle moet hier by die stad
julle tente kom opslaan. Jy moet die stad oorwin, want as ek die stad oorwin, dan sal
die stad aan my behoort.”

29Dawid het al die manne laat bymekaarkom en hulle het na Rabba gegaan. Hy het
teen die stad geveg en hy het dit oorwin.

30Dawid het die kroon afgehaal van hulle koning se kop. Die kroon was gemaak van
een talent goud en daar was ’n mooi edelsteen op die kroon. Dawid het die kroon
op sy eie kop gesit. Hy het baie goed in die stad gevat en saamgebring.

31Hy het ook die manne van die stad saamgeneem en hy het hulle laat werk, elkeen
met ’n saag of ’n pik of ’n byl. Hy het party manne stene laat maak. Hy het dieselfde
gedoen met die manne in al die Ammoniete se stede. Toe het hy en al sy manne
teruggegaan na Jerusalem.

2 Samuel 13

Amnon verkrag sy half-suster Tamar

1Later het daar iets gebeur. Dawid se seun Absalom het ’n mooi suster gehad, haar
naam was Tamar. Amnon, ’n ander seun van Dawid, was verlief op Tamar.

2Amnon was so verlief op sy half-suster Tamar dat hy siek gevoel het, want sy was
nog ’n jongmeisie en hy het nie geweet hoe hy alleen by haar kon kom nie.

3Maar Amnon het ’n vriend gehad, sy naam was Jonadab. Jonadab was die seun van
Dawid se broer Sima. Jonadab was ’n baie slim man.

4Hy het vir Amnon gevra: “Jy is ’n prins. Hoekom lyk jy elke dag soos ’n man wat
swaarkry? Vertel vir my.” Toe sê Amnon vir Jonadab: “Ek is verlief op Tamar, my
broer Absalom se suster.”

5Jonadab sê toe vir Amnon: “Jy moet op jou bed gaan lê en maak of jy siek is.
Wanneer jou pa kom kyk hoe dit met jou gaan, dan moet jy vir hom vra: ‘Laat my

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

suster Tamar asseblief kom, sy moet hier vir my iets gaarmaak en sy moet dit vir my gee om te eet.’ ”

6Amnon het toe op sy bed gaan lê en hy het gemaak of hy siek is.Toe die koning kom kyk hoe dit met hom gaan, het hy vir die koning gevra: “Laat my suster Tamar asseblief kom, sy moet hier vir my twee broodjies bak en sy moet dit vir my gee om te eet.”

7Die koning het toe vir Tamar in haar huis laat weet: “Gaan asseblief na jou broer Amnon se huis en maak vir hom iets om te eet.”

8Tamar het na haar broer Amnon se huis gegaan. Hy was in die bed. Sy het deeg geneem en sy het dit geknie en sy het daar by hom broodjies gebak.

9Toe het sy die pan geneem en sy het die broodjies voor hom uitgehaal. Maar hy wou dit nie eet nie. Hy het gesê almal moet uitgaan, en hulle het almal gegaan.

10Toe sê hy vir Tamar: “Bring die kos na my kamer en gee dit daar vir my.” Tamar het die broodjies geneem wat sy gebak het en sy het dit vir haar broer Amnon in die kamer gebring.

11Maar toe sy dit nader bring sodat hy dit kon eet, gryp hy haar en sê vir haar: “My suster, kom lê by my.”

12Maar sy het vir hom gesê: “Nee, my broer, jy moenie vir my verkrag nie. So iets is verkeerd, Israeliete mag dit nie doen nie. Moenie hierdie slegte ding doen nie.

13Dink aan my. Waarnatoe sal ek gaan? Dit sal ’n skande wees. En jy, almal sal dink jy is ’n dwaas. Daarom, praat asseblief met die koning, hy sal jou met my laat trou.”

14Maar Amnon wou nie na haar luister nie. Hy was sterker as sy en hy het haar verkrag.

15En daarna het Amnon niks meer van haar gehou nie. Hy het haar meer gehaat as wat hy voorheen verlief was op haar. Hy het vir haar gesê: “Jy moet opstaan en loop.”

16Sy het vir hom gesê: “Nou jaag jy my weg. Jy wil ’n ding doen wat baie slegter is as die ding wat jy klaar aan my gedoen het.” Maar Amnon wou nie luister na haar nie.

17Hy het die jongman geroep wat hom bedien het en hy het vir hom gesê: “Jaag weg hierdie vrou en maak toe die deur agter haar.”

18Tamar het ’n lang rok aangehad, die rok het moue gehad. Prinsesse wat nog jongmeisies was, het altyd dit aangetrek. Amnon se bediende het haar uitgestoot buitetoe en hy het die deur toegemaak agter haar.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Tamar het as op haar kop gegooi en sy het haar lang rok geskeur. Sy het haar
hand op haar kop gesit en sy het geloop en skree en sy het gevra dat iemand haar
moet help.

20Haar broer Absalom het vir haar gevra: “Het jou broer Amnon iets aan jou gedoen?
Toemaar, bly stil. Hy is jou broer. Moenie sleg voel daaroor nie.” Tamar het toe in
haar broer Absalom se huis gaan bly. Sy was ’n eensame vrou.

21Toe koning Dawid van al hierdie dinge hoor, was hy baie kwaad.

22En Absalom het niks met Amnon gepraat nie, niks sleg of goed nie, maar hy het vir
Amnon gehaat oor die ding wat hy aan sy suster Tamar gedoen het.

Amnon sterf

23Twee jaar later het Absalom mense gekry om sy skape se wol af te skeer by die
stad Baäl-Gasor. Die stad het behoort aan die Efraim-stam. Absalom het al die prinse
genooi om saam te gaan.

24Hy het ook vir die koning gaan sê: “Ek kry mense om my skape te skeer, ek vra dat
die koning en sy amptenare asseblief saam met my moet gaan.”

25Die koning het vir Absalom gesê: “Nee, my seun, dit sal beter wees as ons nie almal
gaan nie. Dit sal te veel werk wees vir jou.” Absalom het weer en weer vir die koning
gevra, maar die koning wou nie gaan nie. Toe hy vir Absalom groet,

26het Absalom vir hom gevra: “Mag my broer Amnon dan saam met ons gaan?” Die
koning vra toe: “Hoekom moet hy saam met jou gaan?”

27Absalom het aangehou om vir die koning te vra, en die koning het toe gesê Amnon
en al die prinse mag saamgaan.

28Absalom het vir die jongmanne by hom gesê: “Julle moet asseblief kyk wat Amnon
doen. Wanneer hy dronk is van die wyn en ek sê: ‘Slaan vir Amnon dood!’ dan moet
julle hom doodmaak. Julle moenie bang wees nie, dit is ék wat sê julle moet dit doen.
Julle moet sterk wees, julle moet dapper manne wees.”

29Absalom se jongmanne het met Amnon gedoen soos Absalom vir hulle gesê het.
Toe staan al die prinse op en hulle spring op hulle muile en hulle vlug.

30Hulle was nog op die pad toe Dawid hoor dat Absalom al die prinse doodgeslaan
het en dat nie een prins nog lewe nie.

31Die koning het opgestaan en hy het sy klere geskeur en op die grond gaan lê. Al sy
amptenare het ook hulle klere geskeur en hulle het by hom kom staan.

32Maar toe sê Jonadab, die seun van Dawid se broer Sima: “Meneer moenie dink al
die jongmanne, die prinse, is dood nie. Net Amnon is dood. ’n Mens kon op Absalom
se gesig sien dat hy besluit het om vir Amnon dood te maak, van die dag toe Amnon
vir Tamar, Absalom se suster, verkrag het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

33Maar nou moet Meneer die koning nie sleg voel en dink al die prinse is dood nie, want dit is net Amnon wat dood is, en

34Absalom het gevlug." Die jongman wat waggestaan het, het gesien daar kom 'n groot klomp mense op die pad agter hom, teen die kant van die berg.

35Jonadab sê toe vir die koning: "Kyk, daar kom die prinse. Dit is wat ek vir die koning gesê het."

36En toe Jonadab dit klaar gesê het, het die prinse daar aangekom, en hulle het hard begin huil, en die koning en sy amptenare het ook baie hard begin huil.

37Absalom het gevlug en hy het na Talmai seun van Ammigur, koning van Gesur, toe gegaan. Dawid het aangehou treur oor sy seun.

38Absalom het na Gesur gevlug en hy het drie jaar daar gebly.

39Koning Dawid het nie na Absalom toe gegaan nie, want hy was baie hartseer omdat sy seun Amnon dood is.

2 Samuel 14

Die wyse vrou van Tekoa

1Joab seun van Seruja het geweet dat die koning na Absalom verlang.

2Joab stuur toe iemand na die stad Tekoa en hy laat haal 'n wyse vrou wat daar gewoon het. Hy het vir haar gesê: "Jy moet asseblief huil en treur en rouklere aantrek, jy moenie olyf-olie aan jou smeer nie, en jy moet wees soos 'n vrou wat aanhou treur oor iemand wat dood is.

3Dan moet jy na die koning toe gaan en jy moet vir hom sê wat ek vir jou sê."

4Die vrou van Tekoa het toe met die koning gaan praat. Sy het gebuig met haar gesig teen die grond en sy het gesê: "Koning, jy moet my help."

5Die koning het vir haar gevra wat haar probleem is, en sy sê toe: "Ag, ek is 'n weduwee, my man is dood.

6Ek het twee seuns, en hulle het in die veld met mekaar gestry. Niemand het hulle gekeer nie, en die een seun het die ander seun doodgeslaan.

7Die hele familie kom toe na my toe en hulle sê: 'Gee vir ons die seun wat sy broer doodgeslaan het. Ons wil hom doodmaak omdat hy sy broer doodgemaak het. Hy is die seun wat sy pa se goed moet erf, maar ons wil hom doodmaak.' Ek het nog net hierdie seun, hy is die lig in my lewe, maar nou wil hulle hom ook doodmaak. As hy ook dood is, dan sal daar niemand op die aarde oorbly wat die naam van my man het nie."

8Die koning het vir die vrou gesê: "Gaan huis toe, ek sal sê wat moet gebeur."

© Bible Society of South Africa.

9Maar toe sê die vrou van Tekoa vir die koning: “Meneer die koning, as iemand iets verkeerd gedoen het, dan is dit ek en my familie, jy is onskuldig.”

10Toe sê die koning: “Wanneer iemand met jou praat oor hierdie ding, dan moet jy hom na my toe bring. Ek sal seker maak dat hy jou nie weer pla nie.”

11Maar die vrou het gesê: “Daar is iemand, hy is die naaste familielid, hy wil my seun straf. Die koning moet asseblief belowe dat die naaste familielid nie my seun sal doodmaak nie. Jou God die Here moet die getuie wees.” Die koning het geantwoord: “So seker soos die Here lewe, niemand sal jou seun doodmaak nie, daar sal nie ’n haar van jou seun op die grond val nie.”

12Toe sê die vrou: “Mag ek vir Meneer die koning nog iets vra?” Die koning sê toe: “Ja, vra.”

13Sy sê toe: “Maar hoekom wil jy so ’n verkeerde ding doen aan die volk van God? Jy het gesê wat moet gebeur in my saak, maar toe het jy gewys dat jy self verkeerd doen. Hoekom? Want jy laat nie jou seun terugkom nie, jou seun wat in ’n ander land moet bly.

14Ons moet almal sterf, ons is soos water wat op die grond val en wat niemand weer kan bymekaarmaak nie. Maar God wil nie graag iemand laat sterf nie, Hy wil graag hê dat iemand wat moes weggaan van Hom, weer moet terugkom.

15En nou, ek was bang vir die mense. Koning, daarom het ek gekom om met jou te praat oor my probleem. Ek het gedink ek moet met die koning kom praat, miskien doen jy iets en help my met my probleem,

16want die koning sal luister en my red van die persoon wat my en my seun altwee wil wegvat van die volk van God.

17Ek het gedink die koning sal iets sê wat my veilig sal laat voel, want die koning is soos ’n engel van God wat luister en wat weet wat is reg en wat is verkeerd, en ek bid dat jou God die Here by jou sal wees.”

18Die koning het vir die vrou gesê: “Ek wil vir jou iets vra, jy moet asseblief alles vir my vertel.” Sy sê toe: “Meneer die koning, vra asseblief wat jy wil vra.”

19En toe vra die koning: “Is dit Joab wat jou gestuur het om al hierdie dinge vir my te kom sê?” Die vrou het geantwoord: “So seker soos jy lewe, Meneer die koning, niemand kan vir jou jok nie. Ja, dit is jou offisier Joab, hy het my gestuur en hy het vir my al hierdie dinge gesê wat ek moet sê.

20Maar Joab het dit gedoen omdat hy die verkeerde ding wil regmaak, en Meneer het die wysheid van ’n engel van God, jy weet alles wat in die land gebeur.”

Absalom kom terug

© Bible Society of South Africa.

21Die koning het toe vir Joab gesê: “Kyk, jy het hierdie ding gedoen. Gaan nou en laat die jongman Absalom terugkom.”

22Joab het gebuig met sy gesig teen die grond en hy het die koning geprys en gesê: “Meneer die koning, vandag weet ek dat jy van my hou, want jy doen wat ek gevra het.”

23Joab het gereedgemaak. Hy het na die land Gesur gegaan en hy het vir Absalom teruggebring na Jerusalem.

24Die koning het vir Joab gesê: “Laat Absalom na sy huis gaan, ek wil hom nie sien nie.” Absalom het huis toe gegaan en hy het nie die koning gesien nie.

Absalom sien die koning

25Absalom was baie mooi. In die hele land Israel was niemand so mooi soos hy nie. Almal het daaroor gepraat. Daar was niks verkeerd aan hom nie, van sy kop tot by sy tone.

26Hy het elke jaar sy hare laat afskeer omdat dit te swaar geword het vir hom, en die hare wat hy elke maal afgeskeer het, het 200 sikkels geweeg op die koningsmaat.

27Absalom het drie seuns en een dogter gehad. Die dogter se naam was Tamar, sy was ’n baie mooi vrou.

28Absalom was twee jaar lank terug in Jerusalem, maar hy het nog nie die koning gesien nie.

29Absalom het vir Joab laat weet dat hy vir Joab na die koning toe wil stuur, maar Joab wou nie na Absalom toe kom nie. Absalom het weer laat weet, maar Joab wou nie kom nie.

30Absalom sê toe vir sy slawe: “Julle sien die land van Joab hier langs my grond. Joab het gars wat daarop groei, gaan steek dit aan die brand.” Die slawe van Absalom het toe die gars aan die brand gesteek.

31Toe kom Joab na Absalom se huis en hy vra vir Absalom: “Hoekom het jou slawe my gars aan die brand gesteek?”

32Absalom sê toe vir Joab: “Luister na my, ek het jou laat roep om hiernatoe te kom. Ek wil jou na die koning toe stuur. Ek wil hê jy moet vir hom vra hoekom hy gesê het ek moet terugkom uit Gesur. Dit sou vir my beter gewees het as ek daar gebly het. Daarom, ek wil nou die koning sien, en as ek skuldig is, dan moet hy my doodmaak.”

33Joab het na die koning toe gegaan en hy het dit vir die koning vertel. Die koning het vir Absalom laat roep. Toe Absalom by die koning kom, het hy voor die koning gebuig met sy gesig teen die grond, en die koning het vir Absalom gesoen.

2 Samuel 15

© Bible Society of South Africa.

Absalom word opstandig teen die koning

1Later het Absalom vir homself ’n oorlogkar en perde gekry en 50 manne wat voor die oorlogkar hardloop.

2Hy het elke oggend vroeg opgestaan en hy het by die pad deur die poort gaan staan. Wanneer daar iemand kom wat wil hê dat die koning moet oordeel tussen hom en iemand anders, dan het Absalom hom geroep en vir hom gevra van watter stad hy kom. Wanneer die man dan sê van watter stad en van watter stam hy kom,

3dan het Absalom vir hom gesê: “Luister na my, jy is reg, maar die koning sal nie wil luister na jou nie.”

4Absalom het dan ook gesê: “As ek die regter in die land was, dan sou ek reg gedoen het aan elkeen wat na my toe gekom het om te vra dat ek moet oordeel tussen hom en iemand anders.”

5En wanneer iemand nader gekom het om voor Absalom te buig, dan het Absalom sy hand uitgesteek en hy het hom gedruk en gesoen.

6Absalom het dit gedoen met elke Israeliet wat na die koning toe gekom het sodat die koning moet oordeel tussen hom en iemand anders. Al die mense van Israel het lief geword vir Absalom.

7Toe Absalom vier jaar lank terug was in Jerusalem, het hy vir die koning gevra: “Ek wil graag na Hebron gaan om te doen wat ek vir die Here belowe het.

8Want toe ek in Gesur, in die land Aram, gewoon het, het ek ’n gelofte gemaak. Ek het belowe dat ek in Hebron offers sal gaan bring vir die Here as Hy my laat terugkom na Jerusalem.”

9Die koning het vir hom gesê: “Jy mag gaan.” Absalom het gereedgemaak en hy het na Hebron gegaan.

10Absalom het boodskappers gestuur na al die stamme van Israel toe en hy het vir hulle laat weet: “Wanneer julle die ramshoring hoor blaas, dan moet julle sê: ‘Absalom het koning geword in Hebron.’ ”

11Absalom het 200 manne van Jerusalem genooi, en hulle het saam met hom gegaan. Hulle het nie saam met hom planne gemaak nie en hulle het nie geweet wat hy wil doen nie.

12Terwyl hy die offers gebring het, het Absalom vir Agitofel laat haal uit sy stad Gilo. Agitofel was ’n raadgewer van Dawid. Die manne wat wou hê dat Absalom koning moet word, het meer en meer geword.

Dawid vlug

13Iemand het vir Dawid gaan vertel dat die manne van Israel wou hê dat Absalom koning moet word.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Dawid het toe vir al sy amptenare wat by hom in Jerusalem was, gesê: “Julle moet gereedmaak sodat ons kan vlug, want Absalom sal nie een van ons laat lewe nie. As julle nie gou maak nie, sal Absalom vinnig kom en hy sal ons hier kry. Hy sal nie jammer wees vir ons nie, hy sal al die mense in die stad doodmaak.”

15Die amptenare van die koning het vir hom gesê: “Die koning moet sê wat hy wil hê, ons sal dit doen.”

16Die koning en sy hele familie het toe begin loop en hulle het uit die stad gegaan. Hy het tien van sy byvroue daar laat bly om die paleis op te pas.

17Toe die koning en al die mense uit die stad loop, het hulle gaan staan by die laaste huis by die kant van die stad.

18Al sy amptenare het by hom verbygeloop, en ook al die Kretense en Filistyne wat die koning moes oppas. Daar het 600 manne van die stad Gat gekom saam met Dawid. Toe hulle by die koning verbyloop,

19het Dawid vir Ittai van Gat gevra: “Hoekom wil jy ook saam met ons gaan? Draai om en bly by die nuwe koning, want jy kom van ’n ander land, jy woon nie in jou eie land nie.

20Jy is nie lank hier nie. As jy saam met ons kom, dan sal jy swaarkry saam met ons wanneer ons moet vlug en oral moet gaan. Draai om en laat jou manne saam met jou teruggaan. Hulle moet by jou bly, dit is reg.”

21Maar Ittai het vir die koning gesê: “So seker soos die Here lewe en so seker soos Meneer die koning lewe, ek wil wees op dieselfde plek waar Meneer die koning is, dit maak nie saak of ek sterf en of ek lewe nie.”

22Toe sê Dawid vir Ittai: “Dan moet jy saamkom.” Ittai van Gat en al sy manne het saamgegaan, en ook al die oumense en kinders wat by hom was.

23Almal in die land het hard gehuil, en al die mense het saamgegaan. Die koning het deur die Kedron-vallei gegaan en al die mense het verder geloop op die pad na die woestyn.

24En toe kom Sadok ook, en saam met hom was al die Leviete wat die verbondskis van God dra. Hulle het die kis van God neergesit. Abjatar het ook gekom, en hulle het gewag totdat al die mense uit die stad is.

25Maar toe sê die koning vir Sadok: “Jy moet die kis van God terugneem na die stad. As die Here genadig is vir my en as Hy my laat terugkom, dan sal ek die kis en sy staanplek weer sien.

26Maar as die Here sê Hy hou nie van my nie, hier is ek, dan moet Hy met my doen wat Hy wil doen.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Die koning het ook vir die priester Sadok gesê: “Jy moet kyk wat gebeur. Gaan terug na die stad, jy moenie bekommerd wees nie. Jou seun Agimaäs en Abjatar se seun Jonatan is altwee by julle.

28Ek sal wag by die plek waar ’n mens deur die Jordaan-rivier na die woestyn kan gaan. Ek sal daar wag totdat julle vir my ’n boodskap stuur en vir my laat weet wat gebeur.”

29Sadok en Abjatar het die kis van God teruggeneem na Jerusalem en hulle het daar gebly.

30Dawid het teen die Olyf-berg opgegaan. Hy het geloop en huil. Daar was ’n doek oor sy kop en hy was kaalvoet. Al die mense by hom het doeke oor hulle koppe gegooi en hulle het geloop en huil.

31Toe Dawid hoor dat Agitofel ook by die mense is wat wil hê dat Absalom koning moet word, het hy gebid: “Here, laat Agitofel se planne asseblief misluk.”

32En toe Dawid bo-op die berg kom, het hy daar voor God gebuig. Gusai van die stad Erek het daar na hom toe gekom. Gusai het sy klere geskeur en daar was grond op sy kop.

33Dawid het vir Gusai gesê: “As jy saam met my gaan, dan sal dit vir my moeilik wees,

34maar jy sal my help as jy teruggaan na die stad en help dat Agitofel se planne nie slaag nie. Jy moet vir Absalom sê: ‘Koning, ek werk nou vir jou. Ek het altyd vir jou pa gewerk, maar nou werk ek vir jou.’

35 Die priesters Sadok en Abjatar sal daar naby jou wees. Jy moet vir hulle alles vertel wat jy in die paleis hoor.

36Hulle twee seuns is daar by hulle. Dit is Sadok se seun Agimaäs en Abjatar se seun Jonatan. Julle moet hulle stuur om vir my alles te sê wat julle hoor.”

37Dawid se vriend Gusai het in die stad gekom toe Absalom daar aankom.

2 Samuel 16

Siba bring donkies en kos vir Dawid

1Dawid was nie ver oor die top van die berg nie, toe kom Siba daar na hom toe. Siba het vir Mefiboset gewerk. Siba het twee donkies by hom gehad. Op die saals van die donkies was daar 200 brode, 100 koeke rosyne, 100 koeke gedroogde vye en ’n velsak vol wyn.

2Die koning het vir Siba gevra: “Vir wie bring jy hierdie goed?” Siba het gesê: “Die donkies is vir die huisgesin van die koning, hulle moet op die donkies ry, die brood en vrugte is vir die manne om te eet, die wyn is vir iemand wat miskien moeg word in die woestyn.”

© Bible Society of South Africa.

3Toe die koning vir Siba vra waar sy meneer is, sê Siba: “My meneer? Nee, hy is in Jerusalem. Hy dink die leiers van Israel sal hom vandag koning maak, soos sy oupa Saul was.”

4Die koning het toe vir Siba gesê: “Alles wat aan Mefiboset behoort het, is nou joune.” Siba het geantwoord: “Meneer die koning, ek buig voor jou. Ek hoop jy sal tevrede wees met my.”

Simeï vervloek vir Dawid

5Toe koning Dawid by die stad Bagurim kom, het iemand van die familie van Saul uit die stad gekom. Dit was Simeï seun van Gera. Terwyl hy aankom, het Simeï aangehou om vir Dawid te vervloek.

6Hy het vir Dawid met klippe gegooi, en ook al die amptenare van koning Dawid en al die mense en al die manne wat langs die koning geloop het.

7Toe Simeï vir Dawid vervloek het, het hy gesê: “Gaan weg! Gaan weg! Jy is ’n moordenaar en ’n skurk!

8Die Here straf jou nou omdat jy Saul se familie almal vermoor het toe jy koning geword het ná hom. Nou het die Here jou seun Absalom laat koning word ná jou. Hy het dit gedoen omdat jy ’n moordenaar is.”

9Abisai seun van Seruja sê toe vir die koning: “Hoekom vervloek hierdie man vir Meneer die koning? Hy beteken niks, hy is soos ’n dooie hond. Mag ek sy kop gaan afkap?”

10Maar die koning het gesê: “Seuns van Seruja, ek en julle kan niks doen wanneer hy my vervloek nie. Dit is die Here wat vir hom gesê het hy moet vir Dawid vervloek. Niemand kan nou vir hom vra hoekom hy dit doen nie.”

11Dawid het vir Abisai en al die amptenare gesê: “Onthou, my eie seun wil hê ek moet sterf, daarom moet julle nou hierdie man van die Benjamin-stam los. Hy vervloek my omdat die Here gesê het hy moet dit doen.

12Die Here sien hoe swaar ek kry, miskien sal Hy dit weer goed laat gaan met my nadat die man my vandag vervloek het.”

13Dawid en sy manne het verder gegaan. Simeï het teen die kant van die berg langs die pad geloop en hy het aangehou om vir Dawid te vervloek en om klippe en stof na hulle te gooi.

14Die koning en al die mense by hom was baie moeg toe hulle by die Jordaan-rivier aankom, en Dawid het daar ’n bietjie gerus.

Dawid se vriend Gusai by Absalom

15Toe Absalom en al die manne van Israel in Jerusalem aankom, was Agitofel by hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Dawid se vriend Gusai, van die stad Erek, het na Absalom toe gekom en hy het vir
hom gesê: “Ek bid dat die koning lank sal lewe! Ek bid dat die koning lank sal lewe!”

17Absalom het vir Gusai gevra: “Is dit wat jy vir jou vriend Dawid doen? Hoekom het
jy nie saam met jou vriend gegaan nie?”

18Toe sê Gusai vir Absalom: “Nee, ek behoort aan jou. Die Here en hierdie mense en
al die manne van Israel het vir jóú gekies, en ek wil by jou bly.

19En ook, vir wie sal ek werk? Ek wil vir my vriend se seun werk. Ek het vir jou pa
gewerk, en nou wil ek ook so vir jou werk.”

20Absalom het toe vir Agitofel gesê: “Kom, julle moet vir my sê wat ons moet doen.”

21Toe sê Agitofel: “Jou pa het byvroue hier laat bly om die paleis op te pas. Jy moet
na hulle toe gaan en jy moet seks hê met hulle. Wanneer al die Israeliete hoor dat jy
jou pa verneder het, dan sal almal wat saam met jou is, nie bang wees nie, hulle sal
doen wat hulle moet doen.”

22Hulle het vir Absalom ’n tent opgeslaan op die paleis se dak, en al die Israeliete kon
sien dat hy gaan slaap by sy pa se byvroue.

23In daardie tyd het mense gedink dit is God wat vir Agitofel sê wat hy vir die koning
moet sê. Dit was so in die tyd toe Dawid koning was en in die tyd toe Absalom koning
was.

2 Samuel 17

1Agitofel het vir Absalom gesê: “Ek wil 12 000 manne kies en gereedmaak en ek wil
vannag vir Dawid volg en jaag.

2Ek sal by hom kom wanneer hy moeg en moedeloos is, en ek sal hom groot laat
skrik. Al die mense wat by hom is, sal vlug. Dan sal die koning alleen wees, en ek sal
hom doodmaak.

3Dan sal ek al die mense na jou toe laat kom. Jy het een man gesoek, maar almal sal
na jou toe kom, en al die mense sal veilig lewe.”

4Absalom en al die leiers van Israel het gedink dit is ’n goeie plan.

5Maar Absalom het gesê: “Roep asseblief ook vir Gusai van die stad Erek sodat ons
kan hoor wat hy sê.”

6Toe Gusai by Absalom kom, sê Absalom vir hom wat Agitofel gesê het. Absalom vra
toe vir Gusai: “Moet ons dit doen of nie, wat dink jy?”

7Gusai sê toe vir Absalom: “Vandag is Agitofel se plan nie goed nie.

© Bible Society of South Africa.

8Jy ken jou pa en sy manne. Hulle kan goed veg en hulle is nou so kwaad soos ’n beer-wyfie in die veld wanneer iemand haar kleintjies doodgemaak het. Jou pa is ’n man wat baie weet van oorlog, hy sal nie by die ander mense slaap nie.

9Jy kan seker wees dat hy nou wegkruip in ’n sloot of ’n ander plek. Wanneer hulle vir julle begin aanval en party van jou manne sterf, en die mense hoor dit, dan sal hulle sê baie van Absalom se manne is dood.

10Dan sal almal bang word, ook die manne wat so dapper soos ’n leeu is, want al die Israeliete weet dat jou pa en die manne by hom goed kan veg.

11Daarom sê ek jy moet eers al die manne van Israel by jou laat bymekaarkom, almal van die stad Dan tot by die stad Berseba. Hulle moet so baie wees soos die sand by die see, en jy moet self saam met hulle gaan.

12Ons sal die koning kry waar hy is en ons sal so skielik by hom kom soos die dou wat op die grond val. Hy en nie een van die manne by hom sal aanhou lewe nie.

13Of as hy in ’n stad gaan woon het, dan sal al die manne van Israel toue om daardie stad vasmaak en hulle sal die stad wegsleep tot in die vallei. Daar sal nie een klip oorbly nie.”

14Absalom en al die manne van Israel het gesê Gusai se plan is beter as Agitofel se plan. Maar dit was die Here wat dit so laat gebeur het. Hy het dit besluit sodat die goeie plan van Agitofel nie kon slaag nie. Die Here het dit gedoen omdat Hy dit sleg wou laat gaan met Absalom.

Gusai stuur vir Dawid ’n boodskap

15Gusai het vir die priesters Sadok en Abjatar gaan vertel van die plan wat Agitofel vir Absalom en die leiers van Israel gegee het. Gusai het ook vir hulle vertel wat sy eie plan was.

16Gusai het gesê Sadok en Abjatar moet vinnig vir Dawid ’n boodskap stuur en vir hom sê: “Jy moenie vannag by die Jordaan- driwwe slaap nie, jy moet deur die rivier gaan. As jy dit nie doen nie, dan sal Absalom se mense jou daar kry en hulle sal jou en die mense by jou almal doodmaak.”

17Jonatan en Agimaäs het by Rogel-fontein gewag, want hulle was bang dat die mense hulle in Jerusalem sal sien. ’n Slavin het vir hulle die boodskap gebring wat hulle vir koning Dawid moes bring.

18Maar ’n jongman het hulle gesien en hy het vir Absalom gaan vertel. Jonatan en Agimaäs het vinnig na ’n man se huis in die stad Bagurim gegaan. Daar was ’n put in die man se tuin, en hulle het in die put geklim.

19Die vrou het ’n doek styf oor die put getrek en sy het koringkorrels daaroor gegooi sodat niemand die put kon sien nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Toe Absalom se manne by die vrou by haar huis kom, vra hulle vir haar waar Agimaäs en Jonatan is. Die vrou sê toe vir hulle: “Hulle het verbygegaan na die water.” Die manne het vir Agimaäs en Jonatan gaan soek, maar die manne kon hulle nie kry nie, en toe het die manne teruggegaan na Jerusalem.

21Nadat hulle weg is, het Agimaäs en Jonatan uit die put geklim en hulle het die boodskap vir koning Dawid gaan gee. Hulle het vir Dawid gesê: “Jy moet gereedmaak en jy moet vinnig deur die water gaan.” Hulle het vir Dawid gesê wat Agitofel se plan was.

22Dawid en al die mense wat by hom was, het gereedgemaak en hulle het deur die Jordaan-rivier begin gaan. Hulle het aangehou om deur te gaan totdat dit lig geword het. Almal was toe deur die Jordaan-rivier.

Agitofel pleeg selfmoord

23Toe Agitofel sien Absalom wil nie doen wat hy gesê het nie, het hy sy donkie opgesaal en hy het gereedgemaak en teruggegaan na sy huis in die stad waar hy gewoon het. Hy het vir sy huisgesin gesê wat hulle moet doen, en toe het hy homself opgehang en hy het gesterf. Hulle het hom begrawe in sy pa se graf.

Dawid in Maganajim

24Toe Dawid by die stad Maganajim kom, het Absalom deur die Jordaan-rivier gegaan, hy en al die manne van Israel saam met hom.

25Absalom het vir Amasa gekies en aangestel om die hoof van die leër te wees. Voorheen was Joab die hoof van die leër. Amasa was die seun van ’n man van die stad Jisreël. Die man se naam was Jitra. Jitra het geslaap by Abigal dogter van Nagas. Abigal was ’n suster van Seruja, Joab se ma.

26Die manne van Israel en Absalom het hulle tente opgeslaan in die land Gilead.

27Toe Dawid by Maganajim kom, was Sobi en Makir en Barsillai daar. Sobi was ’n seun van Nagas van die stad Rabba van die Ammoniete. Makir was ’n seun van Ammiël van die stad Lo-Dabar, en Barsillai was van die stad Rogelim in Gilead.

28Hulle het slaapmatte gebring en skottels en bakke en koring en gars en meel en gebraaide koring en boontjies en lensies

29en heuning en dikmelk en skape en bokke en beesmelk-kaas. Hulle het dit vir Dawid en die mense by hom gebring om te eet. Hulle het gesê: “Die mense het honger en moeg en dors geword in die woestyn.”

2 Samuel 18

Die oorlog teen Absalom

1Dawid het gesê die mense by hom moet gereedmaak om oorlog te maak, en hy het offisiere oor hulle gekies en aangestel.

© Bible Society of South Africa.

2Hy het die manne in drie groepe verdeel, en hy het hulle gestuur om te gaan veg. Een groep was saam met Joab, een groep was saam met Joab se broer Abisai, en een groep was saam met Ittai van die stad Gat. Dawid het vir die manne gesê: “Ek gaan self ook saam met julle, dit is seker.”

3Maar die manne het gesê: “Nee, jy moenie saamgaan nie. As óns moet vlug, dan maak dit nie saak nie, en as die helfte van ons sterf, dan maak dit ook nie saak nie, want daar is dan nog 10 000 manne soos ons. Dit is beter dat jy in die stad bly en manne stuur om ons te help wanneer ons dit vra.”

4Die koning het vir hulle gesê: “Ek sal doen wat julle wil hê.” Hy het by die poort gaan staan, en al die manne het uitgekom in groepe van 100 manne en 1 000 manne.

5Die koning het vir Joab en Abisai en Ittai gesê: “Julle moenie die jongman Absalom seermaak nie.” Al die manne het gehoor wat die koning vir al die offisiere gesê het oor Absalom.

6Die manne het uitgegaan veld toe om oorlog te maak teen die manne van Israel, en die oorlog het begin in die Efraim-bos.

7Die manne van Dawid het daar gewen teen die manne van Israel, en hulle het daardie dag baie manne doodgemaak, 20 000 manne.

8Die oorlog het oor die hele land versprei, en meer mense het daardie dag in die bos gesterf as in die oorlog.

Absalom sterf

9Dawid se manne het vir Absalom gekry. Absalom het op ’n muil gery. Toe die muil onder die takke van ’n groot boom hardloop, het Absalom se kop vasgehaak in die boom en hy het in die lug bly hang. Die muil waarop hy gery het, het verder gegaan.

10Iemand het dit gesien en hy het dit vir Joab gaan vertel. Hy het gesê: “Weet jy, ek het vir Absalom gesien, hy het aan ’n boom gehang.”

11Joab sê toe vir die man wat dit vir hom kom sê het: “Regtig? Het jy hom gesien? Hoekom het jy hom nie doodgemaak nie? Dan moes ek vir jou tien stukke silwer en ’n belt gegee het.”

12Die man het vir Joab gesê: “Ek sou nie die prins doodgemaak het nie, ook nie as jy vir my 1 000 stukke silwer gegee het nie. Ons het gehoor toe die koning vir jou en Abisai en Ittai gesê het: ‘Ek wil hê julle moet die jongman Absalom beskerm.’

13Of as ek hom doodgemaak het, dan sal die koning dit hoor, hy vind altyd alles uit wat gebeur. En dan sal jy my nie beskerm nie.”

14Joab het gesê: “Ek wil nie hier by jou staan en wag nie.” Hy het drie stokke geneem en hy het hulle deur Absalom se hart gesteek daar waar hy aan die boom gehang het en nog gelewe het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Tien jongmanne, wapendraers van Joab, het om Absalom kom staan en hulle het hom doodgeslaan.

16Toe het Joab die ramshoring geblaas, en die manne het opgehou om die manne van Israel te volg en te jaag, want Joab het sy manne laat terugkom.

17Hulle het Absalom se liggaam geneem en hulle het dit in ’n groot gat in die bos gegooi. Hulle het ’n baie groot hoop klippe op hom gepak. Al die manne van Israel het gevlug, elkeen na sy huis.

18Toe Absalom nog gelewe het, het hy vir homself die klip-paal ingeplant in die Koning-vallei sodat mense sy naam sal onthou. Hy het gesê hy doen dit omdat hy nie ’n seun het nie. Mense noem die klip-paal tot vandag toe die gedenksteen van Absalom.

Dawid kry die boodskap dat Absalom dood is

19Agimaäs seun van Sadok het gesê: “Ek sal hardloop en vir die koning die goeie nuus bring dat die Here hom gered het van sy vyande.”

20Maar Joab het gesê: “Nee, jy is nie vandag die regte man om goeie nuus te bring nie, jy kan op ’n ander dag goeie nuus bring, maar vandag kan jy nie goeie nuus bring nie, want die koning se seun is dood.”

21Joab het toe vir die Kussiet gesê: “Gaan vertel jý vir die koning wat jy gesien het.” Die Kussiet het voor Joab gebuig en hy het gegaan.

22Agimaäs seun van Sadok het weer vir Joab gevra: “Dit maak nie saak wat gebeur nie, ek wil asseblief ook agter die Kussiet hardloop.” Joab het geantwoord: “Seun, hoekom wil jy ook hardloop? Jy sal nie ook die boodskapper se beloning kry nie.”

23Maar Agimaäs het gesê: “Dit maak nie saak nie, ek wil hardloop.” Joab sê toe: “Goed, jy mag hardloop.” Agimaäs het op die pad langs die Jordaan-rivier gehardloop, en hy het by die Kussiet verbygegaan.

24Die koning het binne-in die poort tussen die voorste en die agterste deure gesit. Die wag het op die dak van die poort geklim, en toe hy kyk, sien hy daar kom ’n man wat alleen hardloop.

25Die wag het geskree en hy het dit vir die koning gesê, en die koning het gesê: “As hy alleen is, dan is dit goeie nuus.” Agimaäs het aangehou hardloop en hy het nader gekom.

26En toe sien die wag nog ’n man wat nader hardloop. Die wag skree toe af na die poort en hy sê: “Daar kom nog ’n man wat hardloop, hy is ook alleen.” Die koning het gesê: “Dit is ook goeie nuus.”

27Die wag sê toe: “Ek sien die voorste man hardloop soos Agimaäs seun van Sadok.” En die koning sê: “Hy is ’n goeie man, hy bring goeie nuus.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Agimaäs het geskree en vir die koning gesê: “Dit het goed gegaan.” Hy het vir die koning gebuig met sy gesig teen die grond en hy het gesê: “Ek prys jou God die Here. Hy het die mense laat verloor wat opstandig was teen Meneer die koning.”

29Toe die koning vra of dit goed gaan met die jongman, met Absalom, het Agimaäs gesê: “Toe Joab vir my gesê het ek moet kom, het ek gesien ’n groot klomp mense staan bymekaar, maar ek weet nie hoekom nie.”

30Die koning sê toe: “Kom staan hier,” en Agimaäs het dit gedoen.

31Toe kom die Kussiet en hy sê: “Ek bring vir Meneer die koning die goeie nuus dat die Here jou vandag gered het van almal wat opstandig was teen jou.”

32Toe die koning vir die Kussiet vra of dit goed gaan met die jongman, met Absalom, het die Kussiet gesê: “Ek hoop dat dieselfde wat met die jongman gebeur het, ook sal gebeur met die vyande van die koning en met almal wat opstandig was teen jou.”

Dawid huil en treur oor Absalom

33Die koning het begin bewe en hy het opgegaan na die kamer bo-op die poort. Hy het gehuil en hy het heen en weer geloop en gesê: “My seun Absalom, my seun, my seun Absalom. Ek wens ék was dood, nie jy nie. Absalom, my seun, my seun.”

2 Samuel 19

1Iemand het vir Joab gaan vertel: “Weet jy, die koning huil en treur oor Absalom.”

2Die manne het die oorlog gewen, maar daardie dag moes hulle almal begin huil en treur, want hulle het gehoor dat die koning hartseer is oor sy seun.

3Die manne het daardie dag stil teruggekom in die stad. Hulle het gekom soos manne wat verloor het en wat gevlug het uit die oorlog.

4Die koning het ’n doek oor sy kop gegooi en hy het hard aangehou skree: “My seun Absalom, Absalom, my seun, my seun!”

Joab raas met Dawid

5Joab het na die koning toe in die kamer gegaan en hy het vir hom gesê: “Jou manne het vandag jou lewe gered, en die lewens van jou seuns en jou dogters, jou vroue en jou byvroue, maar jy verneder hulle.

6Jy is lief vir die mense wat jou haat en jy haat die mense wat lief is vir jou, want jy wys dat jy dink jou offisiere en manne is nie belangrik nie. Ek weet nou jy sou bly gewees het as Absalom nog gelewe het, en as ons almal dood was.

7Daarom, jy moet nou opstaan en vriendelik gaan praat met jou manne. Ek belowe jou, en die Here is my getuie, as jy nie uitkom en met hulle praat nie, dan sal niemand vannag hier by jou bly nie. En dan sal dit baie sleg gaan met jou, slegter as wat dit gegaan het vandat jy jonk was tot nou toe.”

Dawid gaan terug

© Bible Society of South Africa.

8Die koning het toe opgestaan en hy het in die poort gaan sit. Toe die manne hoor dat hy in die poort sit, het hulle almal gekom om hom te sien. Die manne van Israel het gevlug, elkeen na sy huis.

9Al die mense van die Israel-stamme het met mekaar begin praat. Hulle het gesê: “Die koning het ons gered van ons vyande, hy het ons vrygemaak van die Filistyne, en nou het hy uit die land gevlug oor Absalom.

10Ons het vir Absalom gesalf om oor ons te regeer, maar Absalom het gesterf in die oorlog. En nou, hoekom doen julle niks om die koning te laat terugkom nie?”

11Maar koning Dawid het ’n boodskap gestuur vir die priesters Sadok en Abjatar. Hy het vir hulle laat weet: “Julle moet praat met die leiers van Juda en julle moet vir hulle sê: Die koning en sy huisgesin het gehoor wat die Israel-mense praat. Hoekom wil julle die laaste mense wees wat die koning wil laat terugkom na sy huis?

12Julle is my eie familie, hoekom is julle die laaste mense wat die koning wil laat terugkom?

13En julle moet vir Amasa sê: Ek en jy is familie, ek bid dat God my sal help sodat jy altyd die hoof van die leër sal wees. Joab sal nie weer die hoof van die leër wees nie.”

14So het Dawid gepraat totdat al die manne van Juda besluit het dat hy weer hulle koning moet wees. En hulle het vir die koning laat weet: “Jy moet terugkom, jy en al jou manne.”

15Die koning het teruggegaan en hy het by die Jordaan-rivier aangekom. Die mense van Juda het na die stad Gilgal gekom om die koning te ontmoet en om hom oor die rivier te help.

Simeï kom ontmoet vir Dawid

16Simeï seun van Gera, die man van die stad Bagurim in die land Benjamin, het vinnig gekom en hy het saam met manne van Juda gegaan om koning Dawid te ontmoet.

17Daar was 1 000 manne van die Benjamin-stam by hom. Siba wat vir die familie van Saul gewerk het en sy 15 seuns en 20 slawe was ook by hom. Hulle was vóór die koning by die Jordaan-rivier.

18Hulle het deur die rivier gegaan om die huisgesin van die koning deur die rivier te bring en om te doen wat hy wil hê. Toe die koning deur die Jordaan-rivier gekom het, het Simeï seun van Gera voor hom kom lê

19en hy het vir die koning gesê: “Meneer moet my asseblief nie straf oor die verkeerde ding wat ek gedoen het toe Meneer die koning uit Jerusalem moes gaan nie. Meneer moenie daaraan dink en kwaad bly vir my nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Ek weet ek het sonde gedoen, en daarom het ek vandag eerste afgekom om die koning te ontmoet. Ek was voor die Josef-stamme hier."

21Abisai seun van Seruja het gesê: "Simeï moet sterf, want hy het die gesalfde van die Here vervloek."

22Maar Dawid het gesê: "Seuns van Seruja, hoekom sê julle dit vir my? Wil julle my vandag verkeerd laat doen? Ons maak vandag niemand dood in die land Israel nie, want ek weet ek is vandag koning van Israel."

23Die koning het vir Simeï gesê: "Jy sal nie sterf nie." Die koning het dit belowe en hy het gesê die Here is getuie.

Mefiboset kom ontmoet die koning

24Mefiboset kleinseun van Saul het ook vir Dawid kom ontmoet. Vandat die koning weg is totdat hy veilig teruggekom het, het Mefiboset nie sy voete gewas of sy baard geknip of sy klere gewas nie.

25Toe hy in Jerusalem gekom het om die koning te ontmoet, het die koning vir hom gevra: "Mefiboset, hoekom het jy nie saam met my gekom nie?"

26Mefiboset sê toe: "Meneer die koning, die man wat my moet help, het my gelos. My bene is verlam, en ek het gesê hy moet vir my 'n donkie opsaal sodat ek kan ry en saam met die koning kan gaan.

27En hy het ook nog geskinder oor my by Meneer die koning, maar Meneer die koning is soos 'n engel van God, jy moet doen wat jy dink is reg.

28Jy kon my en my hele familie doodgemaak het, maar jy het my aan jou tafel laat eet. Ek kan niks meer vra nie, ek kan net vra dat die koning my moet help."

29Toe sê die koning vir Mefiboset: "Jy moenie nog iets sê nie. Ek sê jy en Siba moet die grond deel."

30Mefiboset het vir die koning gesê: "Meneer die koning, Siba mag alles kry, want jy het veilig teruggekom by jou huis."

Barsillai kom groet die koning

31Barsillai van die land Gilead het van die stad Rogelim gekom om saam met die koning deur die Jordaan-rivier te gaan en hom te groet.

32Barsillai was baie oud, hy was 80 jaar oud. Dit is hy wat vir die koning gesorg het terwyl die koning in Maganajim gewoon het. Hy kon dit doen, want hy was baie ryk.

33Die koning het vir Barsillai gesê: "Jy moet saam met my kom, ek sal vir jou sorg in Jerusalem."

34Maar Barsillai het vir die koning gesê: "Ek sal nie meer lank lewe nie. Hoekom sal ek saam met die koning gaan?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

35Ek is nou 80 jaar oud. Ek weet nie meer wat is goed vir my en wat is nie goed nie, ek kan nie meer proe wat ek eet of drink nie, ek sal nie meer kan hoor wanneer mense sing nie. Dit sal vir die koning te veel wees om vir my te sorg.

36Ek sal ’n klein entjie saam met die koning deur die Jordaan-rivier gaan. Hoekom wil die koning hierdie ding vir my doen?

37Laat my asseblief teruggaan. Ek wil in my stad sterf by die graf van my ouers. Maar hier is my seun Kimham. Hy kan saam met die koning gaan, en jy kan vir hom doen wat jy besluit om te doen.”

38Toe sê die koning: “As Kimham saam met my kom, dan sal ek vir hom alles doen wat jy wil hê. Ek sal enige iets doen wat hy vra.”

39Al die mense het deur die Jordaan-rivier gegaan. Die koning het vir Barsillai gesoen en hy het hom gegroet, en Barsillai het teruggegaan huis toe.

Die mense van Israel raas met die mense van Juda

40Die koning het verder gegaan na die stad Gilgal, en Kimham het saam met hom gegaan. Al die mense van Juda was daar, hulle het saam met die koning geloop, en die helfte van die mense van Israel het ook saamgegaan.

41En daar kom al die Israel-manne toe na die koning toe en hulle vra vir hom: “Hoekom het ons broers, die manne van Juda, die koning gesteel? Hoekom het hulle saam met die koning en sy huisgesin en al die manne van Dawid deur die Jordaan-rivier gekom?”

42Maar al die manne van Juda het vir die manne van Israel gesê: “Die koning is familie van ons. Hoekom is julle kwaad hieroor? Die koning het nie vir ons kos of presente gegee nie.”

43En die mense van Israel het vir die mense van Juda geantwoord en gesê: “Ons is tien stamme, Dawid is óns koning meer as wat hy júlle koning is. Hoekom het julle ons verneder? Ons het eerste gesê ons wil die koning laat terugkom.” Maar Juda het gewen.

2 Samuel 20

Seba

1Daar was ’n slegte man, sy naam was Seba. Hy was ’n seun van Bikri. Hy was van die Benjamin-stam. Hy het die ramshoring geblaas en gesê: “Ons is nie van Dawid se mense nie, ons behoort nie aan die seun van Isai nie. Ons is die mense van Israel, ons moet teruggaan na ons huise.”

2Al die manne van Israel het toe weggegaan van Dawid en hulle het saam met Seba seun van Bikri gegaan. Maar die manne van Juda het by hulle koning gebly, van die Jordaan-rivier tot in Jerusalem.

© Bible Society of South Africa.

3Koning Dawid het voorheen tien byvroue in Jerusalem laat bly om die paleis op te pas. Toe hy nou by sy paleis kom, het hy die byvroue apart in ’n huis laat bly, en hy het hulle daar laat oppas. Hy het aangehou om vir hulle te sorg, maar hy het nie by hulle geslaap nie. Hulle het gebly in ’n huis wat toegesluit was en hulle het soos weduwees gelewe totdat hulle gesterf het.

4Die koning het vir Amasa gesê: “Jy moet sê al die manne van Juda moet bymekaarkom. Ek sal drie dae wag, dan moet almal hier wees, en dan moet jy ook hier wees.”

5Amasa het gegaan om die manne van Juda bymekaar te maak, maar hy het ná drie dae nog nie teruggekom nie.

6Dawid het toe vir Abisai gesê: “Seba seun van Bikri sal nou vir ons meer probleme gee as Absalom. Jý moet party van my manne neem en julle moet vir Seba volg en jaag. Hy moenie in een van die stede kom wat sterk mure het nie, want daar sal ons hom nie kan sien nie.”

7Joab en sy manne het saam met Abisai gegaan, en ook die manne wat die koning moes oppas en al die manne wat goed oorlog kon maak. Hulle het uit Jerusalem gegaan om vir Seba seun van Bikri te volg en te jaag.

8Toe hulle by die groot klip kom wat in Gibeon is, het Amasa by hulle gekom. Joab het sy oorlogklere aangehad, en hy het sy swaard bo-oor sy klere vasgebind in die leersak. Die swaard het uit die leersak geval.

9Joab het vir Amasa gesê: “Gaan dit goed, my broer?” Joab het met sy regter-hand Amasa se baard gegryp om hom te soen.

10Amasa het nie die swaard gesien wat in Joab se linker-hand was nie, en Joab het vir Amasa in sy maag gesteek. Amasa se derms het uitgekom. Joab het net een maal gesteek, en Amasa het gesterf. Joab en sy broer Abisai het toe vir Seba seun van Bikri gevolg en gejaag.

11Een van Joab se manne het by Amasa gestaan en gesê: “Almal wat hou van Joab en Dawid, moet saam met Joab gaan.”

12Amasa het in sy bloed gelê en rol in die middel van die pad. Elkeen wat by Amasa verbygekom het, het gaan staan. Iemand het dit gesien en hy het vir Amasa uit die pad gesleep tot in die veld. Hy het sy bo-kleed oor Amasa gegooi.

13Nadat hy vir Amasa uit die pad gesleep het, het al die manne verbygegaan om vir Seba seun van Bikri te volg en te jaag.

14Seba het die manne van al die stamme van Israel met hom saamgeneem na die stad Abel-Bet-Maäka. Al die manne van die Beker-familie het ook bymekaargekom en hulle het saam met hom gegaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Joab en die ander manne het die stad aangeval van al die kante. Hulle het ’n grondwal teen die muur van die stad gebou en al die manne by Joab het begin om die muur van die stad af te breek.

16Daar was ’n slim vrou in die stad, sy het geskree: “Luister, luister na my! Sê asseblief vir Joab hy moet nader kom hiernatoe, ek wil met hom praat.”

17Toe Joab nader kom, het die vrou gevra: “Is jy Joab?” En Joab het gesê: “Ja, ek is.” Sy sê toe vir hom: “Luister na wat ek sê.” En hy het gesê: “Goed, ek luister.”

18Die vrou het gesê: “Die mense het voorheen altyd gesê: ‘Vra vir iemand in die stad Abel,’ en dan het hulle geweet wat om te doen.

19Ek is een van die baie mense in die land Israel wat vrede wil hê en ek wil gehoorsaam wees aan die koning. Hoekom wil jy die mense van hierdie belangrike stad doodmaak? Dit is ’n stad wat aan die Here behoort, hoekom wil jy dit verwoes?”

20Joab het geantwoord: “Nee, ek wil glad nie die stad verwoes en sy mense doodmaak nie.

21Dit is nie wat ek wil doen nie. Maar iemand van die Efraim-berge het opstandig geword teen die koning, teen Dawid. Sy naam is Seba seun van Bikri. Gee hom vir ons, dan sal ons weggaan van die stad.” Die vrou het vir Joab gesê: “Goed, ons sal sy kop vir jou oor die muur gooi.”

22Die vrou het na al die manne in die stad gegaan en sy het vir hulle gesê wat sy dink hulle moet doen. Hulle het toe die kop van Seba seun van Bikri afgekap en hulle het dit vir Joab gegooi. Joab het die ramshoring geblaas en hy en sy manne het weggegaan van die stad, elkeen na sy huis. Joab het teruggegaan na Jerusalem, na die koning toe.

Die amptenare van Dawid

23Joab was die hoof van die hele leër van Israel. Benaja seun van Jojada was die hoof van die manne wat die koning opgepas het.

24Adoram was die hoof van die mense wat vir die koning moes werk. Josafat seun van Agilud was die hoof van die amptenare.

25Seja was die sekretaris, en Sadok en Abjatar was die priesters.

26Ira van die stad Jaïr was ook ’n priester van Dawid.

2 Samuel 21

Die mense van Gibeon en die nageslag van Saul

1In die tyd toe Dawid koning was, was daar een maal drie jaar lank hongersnood in die land. Dawid het vir die Here gevra hoekom dit so is, en die Here het gesê dit is

© Bible Society of South Africa.

omdat Saul mense laat vermoor het toe hy die mense van die stad Gibeon almal wou doodmaak.

2Die mense van Gibeon was nie Israeliete nie, hulle was Amoriete. Die Israeliete het vir hulle belowe dat hulle kan aanhou lewe. Maar Saul het probeer om hulle almal dood te maak. Hy het gedink hy doen goed vir Israel en Juda. Koning Dawid het die mense van Gibeon geroep

3en hy het vir hulle gevra: “Wat kan ek vir julle doen? Hoe kan ek julle help sodat julle weer sal wil hê dat dit goed moet gaan met die volk van die Here?”

4Die mense van Gibeon het vir die koning gesê: “Ons wil nie silwer of goud hê van Saul en sy familie nie. En ons mag nie iemand van die volk Israel doodmaak nie.” Die koning het vir hulle gevra: “Sê vir my, wat moet ek vir julle doen?”

5Hulle het vir die koning gesê: “Daar was ’n man wat ons mense doodgemaak het en wat ons almal wou doodmaak sodat ons nie meer ’n plek sal hê in die hele Israel nie.

6Ons vra sewe manne van sy nageslag. Ons wil hulle ophang by die tempel in die stad Gibea-van-Saul, die stad van die man vir wie die Here gekies het.” Die koning het gesê: “Goed, ek sal die sewe manne gee.”

7Die koning het nie vir Mefiboset seun van Jonatan gegee nie, want Dawid en Jonatan het voorheen ’n ooreenkoms gemaak, en die Here was die getuie.

8Maar Dawid het die twee seuns van Saul en Rispa dogter van Aja gevat, en ook vyf seuns van Mikal dogter van Saul. Dit was haar en Adriël seun van Barsillai van Megola se vyf seuns.

9Dawid het die seuns vir die mense van Gibeon gegee, en die mense van Gibeon het hulle opgehang op die berg by die tempel. Die sewe manne het saam gesterf. Dit het gebeur in die tyd toe die mense begin het om die gars af te sny.

10Rispa dogter van Aja het rouklere geneem en sy het dit oopgegooi oor ’n rots. Sy het daar gebly vandat hulle begin het om die gars af te sny totdat dit begin reën het. Sy het gekeer sodat die voëls nie in die dag by hulle liggame kon kom nie, en ook nie die wilde diere in die nag nie.

11Dawid het gehoor wat Rispa dogter van Aja gedoen het. Rispa was ’n byvrou van Saul.

12Dawid het toe die bene van Saul en Jonatan laat haal. Die leiers van die stad Jabes-Gilead het die bene gaan steel op die oop stuk grond in die stad Bet-San. Die Filistyne het Saul en Jonatan se liggame daar opgehang nadat hulle vir Saul op Gilboa-berg oorwin het.

13Dawid het die bene van Saul en Jonatan laat bring en hy het ook die bene van die manne wat hulle opgehang het, laat bymekaarmaak.

© Bible Society of South Africa.

14Dawid het dit laat begrawe in die land Benjamin, in die graf van Kis, Saul se pa. Die graf was in ’n rots. Nadat die koning dit alles laat doen het, het God weer geluister na die gebede vir die land.

Dawid se manne maak Rafa-mense dood

(Kyk ook 1 Kron 20:4-8)

15Daar was weer oorlog tussen die Filistyne en die Israeliete. Toe Dawid eendag saam met sy manne teen die Filistyne gaan veg het, het hy moeg geword.

16Een van die Filistyne was Jisbi-Benob, hy was van die nageslag van die Rafa-mense. Sy spies was van brons en dit het 300 sikkels geweeg. Hy het ook ’n nuwe swaard gehad. Hy wou vir Dawid doodmaak,

17maar Abisai seun van Seruja het vir Dawid gehelp en hy het die Filistyn plat geslaan en hom doodgemaak. Die manne van Dawid het toe vir hom gesê: “So seker soos die Here lewe, jy sal nie weer saam met ons oorlog gaan maak nie. Jy is die lamp wat vir Israel lig gee, en niemand mag die lamp doodmaak nie.”

18Later het die Israeliete weer by die stad Gob oorlog gemaak teen die Filistyne. Sibbekai van die stad Gusa het daar vir Saf oorwin. Saf was ook van die nageslag van die Rafa-mense.

19Toe die Israeliete later weer by Gob oorlog gemaak het teen die Filistyne, het Elganan seun van Jaäre-Oregim van Betlehem vir Goliat oorwin. Goliat het van die stad Gat gekom en sy spies se steel was soos die balk van ’n weefstoel.

20Eendag was daar oorlog in die stad Gat. Daar was ’n lang man, hy het ses vingers aan elke hand gehad en ses tone aan elke voet, en hy was ook van die nageslag van die Rafa-mense.

21Hy het die Israeliete gespot, en toe het Jonatan seun van Sima broer van Dawid hom oorwin.

22Hierdie vier manne was almal van die nageslag van die Rafa-mense in die stad Gat. Dawid en sy manne het hulle doodgemaak.

2 Samuel 22

’n Lied van Dawid

(Ook Ps 18)

1Dawid het hierdie lied vir die Here gesing in die tyd toe die Here hom gered het van sy vyande en van Saul.

2Hy het gesing: “Here, U is my Rots, my veilige plek in die berge, U maak my vry.

3God wat my Rots is, ek voel veilig by U, U is vir my soos ’n skild, U is sterk en U red my, U is vir my ’n veilige plek, ek kan na U toe vlug, U is my Redder, U red my van mense wat my aanval,

© Bible Society of South Africa.

4Here, ek wil U prys, want U het my gered van my vyande.

5Die branders van die dood wou my vashou, waterstrome het oor my gespoel en wou my doodmaak.

6Toue van die doderyk het my vasgebind, vangstrikke van die dood het my gevang en vasgehou.

7“Wanneer dit sleg gaan, dan skree ek: Here! Ek roep na my God, Hy hoor my stem in sy paleis, Hy hoor wanneer ek roep en vra dat Hy my moet help.

8Die aarde het geskud en gebewe, die fondamente van die hemel het gebewe en geskud, want die Here was kwaad.

9Rook het uit sy neus gekom, vuur het uit sy mond gebrand, kole vuur het uit Hom gekom.

10Hy het die hemel oopgeskuif en Hy het afgekom, daar was donker wolke onder sy voete,

11Hy het op ’n gerub geklim en Hy het gevlieg, Hy het verskyn op die vlerke van die wind.

12Dit was donker rondom Hom, donker water en dik wolke het Hom toegemaak.

13Dit het geblink voor Hom, kole vuur het geskyn.

14Die Here het die donderweer laat raas in die lug, die Hoogste God het hard gepraat.

15Die weerligstrale was sy pyle, Hy het sy vyande na alle kante toe gejaag en Hy het hulle laat vlug.

16“Wanneer die Here met sy vyande raas, wanneer die asem uit sy neus ’n stormwind word, dan word die see leeg, en die fondamente van die wêreld lê oop.

17“Die Here steek sy hand uit die hemel en Hy gryp my, Hy tel my op uit die baie water.

18Hy red my van my sterk vyande, van die mense wat my haat, want hulle is te sterk vir my.

19Hulle val my aan wanneer ek swaarkry, maar die Here hou my regop.

20“Hy bring my na ’n plek waar ek vry is, Hy red my, want Hy is lief vir my.

21Ek is onskuldig, en die Here gee vir my wat ek moet kry, ek het niks verkeerd gedoen nie, en die Here beloon my.

22Ja, ek het gedoen wat die Here wil hê. Wanneer my God my oordeel, dan is ek nie skuldig nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Ek het onthou wat Hy gesê het ek moet doen, ek het gedoen wat Hy beveel het.

24Ek het alles gedoen wat Hy gesê het, ek het aangehou om reg te doen.

25Ek is onskuldig. Die Here het gesien dat ek niks verkeerd doen nie, en Hy het my beloon.

26U doen wat U belowe het vir die mense wat doen wat húlle belowe. U is altyd goed vir die mense wat net goed doen.

27Wanneer mense rein is en by U mag wees, dan is U by hulle. Wanneer mense vals is, dan is U te slim vir hulle.

28U red mense wat hulleself nie kan beskerm nie, en U verneder mense wat dink hulle is belangrik.

29Ja, Here, U gee vir my lig, U maak lig wanneer dit donker is om my.

30Ja, wanneer U by my is, dan kan ek ’n klomp mense aanval, wanneer U, my God, by my is, dan kan ek oor ’n hoë muur spring.

31“Wat God doen, is alles reg, wat die Here sê, is altyd waar. Hy is soos ’n skild vir almal wat na Hom toe vlug.

32Die Here is die enigste God, net ons God is ’n Rots.

33Hy is die God wat sterk is, ek is veilig by Hom, Hy maak my lewe veilig.

34Hy laat my so vas staan soos ’n ribbok, Hy laat my veilig staan op hoë plekke.

35Hy leer vir my om oorlog te maak, Hy maak my arms sterk sodat ek die snaar van ’n brons-boog styf kan trek.

36Die skild wat U vir my gee, red my lewe, U help my, en dit gaan goed met my.

37U laat my vinnig hardloop, my voete gly nie.

38Ek volg en jaag my vyande, ek kom tot by hulle, ek draai nie om voordat hulle almal dood is nie.

39Ek maak hulle dood, ek slaan hulle, hulle staan nie weer op nie, hulle lê voor my voete.

40U maak my sterk om oorlog te maak, U laat my vyande op hulle knieë staan voor my.

41U laat hulle vlug, weg van my, en ek kan die mense wat my haat, vir altyd stilmaak.

42Hulle skree en vra dat iemand hulle moet help, maar niemand red hulle nie, hulle roep na die Here, maar Hy antwoord hulle nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

43Ek slaan hulle fyn soos stof, ek trap op hulle soos ek trap op die modder in die
paaie, ek trap hulle plat.

44"U red my van my eie mense wat opstandig is teen my. U maak my die hoof van
volke en U beskerm my. Mense wat ek nie geken het nie, doen nou wat ek sê.

45"Mense uit ander lande kruip voor my. Wanneer hulle hoor van my, dan luister
hulle dadelik.

46Hulle skrik en hulle kom uit hulle stede, die stede wat sterk mure het.

47"Die Here lewe, ek wil my Rots prys. Ek sê die God wat my Rots is en wat my red, is
belangriker as alles.

48Hy is die God wat my help om mense te straf oor die dinge wat hulle aan my
gedoen het, Hy laat my regeer oor volke.

49Hy red my van my vyande, Hy laat my staan hoog bo die mense wat teen my is, Hy
red my wanneer wrede mense my wil seermaak.

50"Daarom, Here, ek sal U prys sodat die volke dit kan hoor, ek sal sing oor u Naam.

51"Die Here laat die koning wat aan Hom behoort, altyd wen teen sy vyande, Hy
doen wat Hy vir sy gesalfde belowe het, vir Dawid en sy nageslag, vir altyd."

2 Samuel 23

Die laaste dinge wat Dawid gesê het

1Hier is die laaste dinge wat Dawid gesê het: "Dawid seun van Isai het gepraat. Die
Here het hom 'n belangrike man gemaak, en dit is hý wat gepraat het, hy,
die gesalfde van die God van Jakob, die Sterk God van Israel was lief vir hom.

2Dit is die Gees van die Here wat in my praat, Hy gee vir my die woorde wat ek sê.

3Die God van Israel het gepraat, die Rots van Israel het vir my gesê: Iemand
wat regverdig regeer oor mense en wat vir God dien,

4is soos die oggendlig wanneer die son opkom en daar nie wolke is nie, en die reën
blink op die groen plante wat uit die aarde groei.

5Dit is hoe ek en my nageslag by God is, want Hy het 'n verbond gemaak met my, 'n
verbond wat altyd sal wees, sodat ek alles sal doen soos dit moet wees, en sodat ek
veilig sal wees. Hy help my en Hy gee vir my wat ek graag wil hê, alles kom van Hom.

6Maar slegte mense is soos dorings wat jy weggooi, jy raak nie daaraan met jou kaal
hand nie.

7Iemand wat met die dorings moet werk, gebruik 'n yster of 'n spies se steel, en hy
verbrand die dorings daar waar dit lê."

Die spesiale manne van Dawid

© Bible Society of South Africa.

(Kyk ook 1 Kron 11:10-47)

8Dawid het spesiale manne gehad wat goed oorlog kon maak. Hier is hulle name:
Joseb-Bassebet van die stad Tagkemon was die leier van die eerste drie manne. Hy
het 800 manne op een plek doodgemaak met sy spies.

9Die volgende man van die eerste drie manne was Eleasar seun van Dodi van die stad
Agoag. Eleasar was by Dawid toe hulle die Filistyne aangeval het wat
bymekaargekom het om oorlog te maak. Die manne van Israel het gevlug,

10maar Eleasar het bly staan en hy het Filistyne plat geslaan. Hy het aangehou totdat
sy arm moeg was en sy hand vasgesit het aan die swaard. Die Here het hom laat wen
teen al die Filistyne, en die ander manne van Israel het teruggekom net om die
Filistyne se goed te vat.

11Die derde man van die eerste drie manne was Samma seun van Age van die stad
Harar. Die Filistyne het bymekaargekom by die plek Legi. Daar was ’n stuk grond
waar lensies gegroei het. Die manne van Israel het gevlug vir die Filistyne,

12maar Samma het in die lensieland gaan staan en hy het gekeer sodat die vyande dit
nie kon vat nie. Hy het die Filistyne plat geslaan, en die Here het hom laat wen teen
al die Filistyne.

13Eendag het drie van die 30 leiers afgegaan na Dawid toe. Dawid was by die
Adullam-grot. Dit was in die tyd toe die mense die koring afgesny het. ’n Groep
Filistyne se tente was in Spook-laagte.

14Dawid was in ’n veilige plek in die berge, en die Filistyne het manne in die stad
Betlehem laat bly om die stad op te pas.

15Dawid het dors geword en gesê: “Ek wens iemand bring vir my water uit die
watergat in die poort van Betlehem.”

16Die drie manne het tussen die tente van die Filistyne deurgeloop en hulle het
water geskep uit die watergat in die poort van Betlehem. Hulle het dit vir Dawid
gebring, maar Dawid wou dit nie drink nie. Hy het dit vir die Here gegee, dit was
’n drank-offer.

17Dawid het gesê: “Here, ek kan nie hierdie water drink nie. As hierdie manne gesterf
het, dan was dit my skuld.” Dawid wou nie die water drink nie, maar dit is wat die
drie manne gedoen het.

18Abisai broer van Joab en seun van Seruja was die leier van die 30 manne. Hy het
300 manne doodgemaak met sy spies. Mense het gedink hy is net so belangrik soos
die eerste drie manne.

19Hy was die belangrikste van die 30 manne en hy was hulle leier, maar hy het nie
een van die eerste drie manne geword nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Benaja seun van Jojada van die stad Kabseël was ’n dapper man wat groot dinge
gedoen het. Dit is hý wat daardie twee baie sterk manne van Moab oorwin het. En
eendag toe dit gesneeu het, het hy afgegaan in ’n gat en hy het ’n leeu doodgemaak.

21Dit is ook hý wat die Egiptenaar oorwin het. Die Egiptenaar was ’n mooi man en hy
het ’n spies in sy hand gehad. Benaja het net ’n stok saamgeneem toe hy afgegaan
het na die Egiptenaar toe. Hy het die spies uit die Egiptenaar se hand gevat en hy het
die Egiptenaar met sy eie spies doodgemaak.

22Dit is wat Benaja seun van Jojada gedoen het. Die 30 spesiale manne het toe
gedink Benaja is baie belangrik.

23Hy was die belangrikste van die 30 manne, maar hy het nie een van die eerste drie
manne geword nie. Dawid het hom gekies en aangestel om die hoof te wees van die
manne wat die koning moes oppas.

24Joab se broer Asael was een van die 30 manne. By hulle was daar ook Elganan seun
van Dodo van die stad Betlehem,

25 Samma en Elika van die stad Garod,

26Geles van die stad Pelet, Ira seun van Ikkes van die stad Tekoa,

27Abiëser van die stad Anatot, Mebunnai van die stad Gusa,

28Salmon van die stad Agoag, Magri van die stad Netofa,

29 Geleb seun van Baäna van die stad Netofa, Ittai seun van Ribai van die stad Gibea-
van-die-Benjaminiete,

30Benaja van die stad Piraton, Hiddai van die stad Nagale-Gaäs,

31 Abi-Albon van die stad Arba, Asmawet van die stad Bargum,

32Eljagba van die stad Saälbon, die seuns van Jasen, Jonatan,

33Samma van die stad Harar, Agiam seun van Sarar van die stad Arar,

34Elifelet seun van Agasbai van die stad Maäka, Eliam seun van Agitofel van die stad
Gilo,

35 Gesrai van die stad Karmel, Paärai van die stad Arab,

36Jigal seun van Natan van die stad Soba, Bani van die land Gad,

37Selek die Ammoniet, Nagrai van die stad Beërot, hy was ’n wapendraer van Joab
seun van Seruja,

38Ira en Gareb van die stad Jeter,

39Urija die Hetiet. Hulle was almal saam 37 manne.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2 Samuel 24

Dawid laat die volk tel, en die Here straf die volk

(Kyk ook 1 Kron 21:1-15)

1Eendag was die Here weer kwaad vir die Israeliete. Die Here het vir Dawid laat
besluit om iets te doen waaroor die Here die Israeliete kon straf. Hy het vir Dawid
gesê: “Jy moet die mense van Israel en Juda tel.”

2Die koning het toe vir Joab, die hoof van die leër, gesê: “Jy moet asseblief deur al
die stamme van Israel gaan, van die stad Dan tot by die stad Berseba, en jy moet die
mense tel. Ek wil weet hoeveel hulle is.”

3Joab het vir die koning gesê: “Ek wens jou God die Here maak die volk 100 maal
meer as wat hulle is. Ek wens dat die koning self sal sien dat dit so is. Maar, Meneer
die koning, hoekom wil jy hierdie ding doen?”

4Maar die koning het gesê Joab en die offisiere móét dit doen, en hulle moes doen
wat die koning gesê het. Hulle het weggegaan van die koning om die volk Israel te
tel.

5Hulle het oor die Jordaan-rivier gegaan en hulle het hulle tente opgeslaan naby die
stad Aroër, suid van die stad wat in die vallei is. Daarna het hulle deur die land Gad
gegaan en ook deur Jaser.

6Hulle het gekom in die land Gilead en in die land Tagtim-Godsi. En toe het hulle
deur Dan-Jaän gegaan en oral tot by die stad Sidon.

7Daarna het hulle gekom by Tirus, die stad wat sterk mure het, en by al die stede van
die Hewiete en Kanaäniete, en toe het hulle deur die Suid-land van Juda gegaan tot
by die stad Berseba.

8So het hulle deur die hele land gegaan en ná nege maande en 20 dae het hulle weer
aangekom in Jerusalem.

9Joab het vir die koning gesê hoeveel mense daar was. Daar was 800 000 manne van
Israel wat oorlog kon maak, en daar was 500 000 manne van Juda.

10Maar nadat Dawid die volk laat tel het, het hy geweet dat hy verkeerd gedoen het.
Hy het vir die Here gesê: “Here, ek het ’n groot sonde gedoen, maar vergewe
asseblief my sonde, want ek het ’n baie dom ding gedoen.”

11Die profeet Gad was Dawid se siener. Toe Dawid die volgende oggend opstaan,
het die Here vir Gad gesê:

12“Jy moet vir Dawid gaan sê Ek sê: Dawid, Ek noem drie dinge vir jou. Jy moet een
kies, dan sal Ek dit met jou laat gebeur.”

13Gad het na Dawid toe gegaan en hy het vir Dawid die boodskap gebring en gesê:
“Wil jy hê daar moet sewe jaar lank hongersnood wees in jou land, of wil jy drie

© Bible Society of South Africa.

maande lank vlug vir jou vyande wat jou volg en jaag, of wil jy hê daar moet drie dae lank pes wees in jou land? Jy moet besluit en vir my sê wat ek moet sê vir Hom wat my gestuur het."

14Dawid het vir Gad gesê: "Ek het 'n groot probleem. Die Here moet met my doen wat Hy besluit, want Hy is baie genadig, maar Hy moenie my vir mense gee sodat hulle met my kan doen wat hulle wil nie."

15Die Here het pes laat kom in die land Israel van die oggend tot die tyd wat Hy gesê het. Daar het 70 000 mense gesterf, van die stad Dan tot by die stad Berseba.

16Toe die engel sy hand uitsteek na Jerusalem om die mense van die stad te laat sterf, het die Here besluit dat die straf moet ophou. Hy het vir die engel wat die mense laat sterf het, gesê: "Stop, dit is nou genoeg, laat sak jou hand." Die engel van die Here was by die dorsvloer van die Jebusiet Arauna.

Dawid koop die dorsvloer van Arauna

(Kyk ook 1 Kron 21:16-28)

17Toe Dawid die engel sien wat die mense laat sterf, het hy vir die Here gesê: "Dit is ék wat sonde gedoen het, dit is ék wat verkeerd gedoen het. Wat het hierdie mense verkeerd gedoen? Niks. U moet mý en my familie straf."

18Gad het daardie dag by Dawid gekom en vir hom gesê: "Jy moet gaan en jy moet vir die Here 'n altaar bou op die dorsvloer van die Jebusiet Arauna."

19Dawid het gegaan soos Gad gesê het, hy het gaan doen wat die Here beveel het.

20Arauna het gekyk en gesien die koning en sy amptenare kom na hom toe. Arauna het uitgegaan en hy het voor die koning gebuig met sy gesig teen die grond.

21Hy het gevra: "Hoekom kom Meneer die koning na my toe?" Dawid het gesê: "Ek kom om jou dorsvloer te koop. Ek moet vir die Here 'n altaar bou sodat die mense kan ophou sterf."

22Arauna het vir Dawid gesê: "Meneer die koning moet neem wat jy wil hê en jy moet offer wat jy wil offer. Kyk, hier is beeste vir die brand-offer en hier is die dorssleë en die jukke vir brandhout.

23Koning, ek gee dit alles vir jou."

24Die koning het vir Arauna gesê: "Nee, ek wil dit van jou koop, jy moet sê hoeveel ek moet betaal. Ek wíl dit doen. Ek sal nie vir my God die Here brand-offers bring as ek nie daarvoor betaal het nie." Dawid het die dorsvloer en die beeste gekoop, hy het 50 sikkels silwer betaal.

25Dawid het daar 'n altaar vir die Here gebou en hy het brand-offers en ete-offers gebring. Die Here het sy offers vir die land aanvaar, en die mense van Israel het opgehou sterf.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1 Konings

1 Konings 1

Abisag kom woon by koning Dawid

1Koning Dawid was oud. Sy mense het hom toegemaak met klere en komberse, maar
hy het nie warm geword nie.

2Sy amptenare het vir hom gesê: “Meneer die koning, ons sal vir jou ’n jongmeisie
soek wat vir jou kan werk en wat jou kan bedien. Sy kan by jou in die bed lê en jou
liggaam warm maak.”

3Hulle het toe oral in die land Israel ’n mooi meisie gesoek. Hulle het vir Abisag van
die stad Sunem gekry en hulle het haar na die koning toe gebring.

4Sy was ’n baie mooi meisie. Sy het die koning bedien en vir hom gesorg, maar hy het
nie seks gehad met haar nie.

Adonia wil koning word

5Adonia, die seun van Dawid en sy vrou Gaggit, het gedink hy is die belangrikste seun
van Dawid en hy wou graag koning word. Adonia het vir hom ’n oorlogkar en perde
gekry en hy het 50 manne voor hom laat hardloop.

6Vandat hy klein was, het sy pa nooit met hom geraas nie en nooit vir hom gevra
hoekom hy verkeerde dinge gedoen het nie. Adonia was ’n mooi man en hy was
Absalom se jonger broer.

7Adonia het gepraat met Joab seun van Seruja en met die priester Abjatar, en hulle
het belowe om hom te help om koning te word.

8Maar die priester Sadok en Benaja seun van Jojada wou nie vir Adonia help nie, en
ook nie die profeet Natan en Simeï en Reï en die manne wat die koning opgepas het
nie.

9Adonia het skape en bokke en beeste en vet kalwers laat slag by die Sogelet-rots
wat naby Rogel-fontein is. Hy het al sy broers, die prinse, genooi om saam te eet, en
ook die leiers van Juda wat amptenare van Dawid was,

10maar Adonia het nie die profeet Natan genooi nie, ook nie die manne wat die
koning opgepas het en ook nie sy broer Salomo nie.

Salomo word koning

11Natan het vir Salomo se ma Batseba gaan sê: “Het jy gehoor dat Adonia seun van
Gaggit koning geword het? En ons meneer Dawid weet dit nie.

12Kom, ek sal vir jou sê wat jy moet doen sodat jy jou eie lewe en die lewe van jou
seun Salomo kan red.

© Bible Society of South Africa.

13Jy moet na koning Dawid toe gaan en vir hom sê: ‘Meneer die koning, jy het vir my
belowe, en die Here was die getuie, dat my seun Salomo koning sal word ná jou en
dat hý op jou troon sal sit. Hoekom het Adonia nou koning geword?’

14Terwyl jy met die koning praat en dit vir hom sê, sal ek na jou toe kom en ek sal vir
die koning sê jy praat die waarheid.”

15Batseba het by die koning in sy kamer gekom. Die koning was baie oud. Abisag van
Sunem het vir die koning gesorg.

16Batseba het gekniel en voor die koning gebuig, en die koning het vir haar gevra:
“Wat kan ek vir jou doen?”

17Batseba het vir die koning gesê: “Meneer, jy het belowe, en jou God die Here was
die getuie, dat my seun Salomo koning sal word ná jou en dat hý op jou troon sal sit.

18Maar, Meneer die koning, nou het Adonia koning geword, en jy weet dit nie.

19Adonia het baie beeste, vet kalwers en skape en bokke geslag en hy het al die
prinse genooi en ook die priester Abjatar en Joab, die hoof van die leër, maar hy het
nie vir Salomo genooi nie.

20Meneer die koning, al die mense van Israel wag dat jy moet sê wie op jou troon sal
sit ná jou.

21As jy dit nie doen nie, wat sal dan gebeur wanneer Meneer die koning gesterf het
en by jou voorvaders begrawe is? Die mense sal dan sê ek en my seun Salomo
is skuldig.”

22Terwyl Batseba met die koning gepraat het, het die profeet Natan daar gekom.

23Die mense het vir die koning gesê: “Hier is die profeet Natan ook nou.” Natan het
ingekom en hy het laag voor die koning gebuig met sy gesig teen die grond.

24Hy het gesê: “Meneer die koning, het jy gesê Adonia sal ná jou koning word en op
jou troon sit?

25Want hy het vandag gegaan en hy het baie beeste en vet kalwers en skape en
bokke geslag. Hy het al die prinse genooi en ook die hoofde van die leër en die
priester Abjatar. Hulle eet en drink nou saam met hom en hulle sê: ‘Ons bid dat
koning Adonia lank sal lewe!’

26Maar Adonia het nie vir my en die priester Sadok en Benaja seun van Jojada en
Salomo genooi nie.

27Meneer die koning, het jy gesê hierdie dinge moet so gebeur? Hoekom het jy nie
vir ons gesê wie ná jou op jou troon moet sit nie?”

28Koning Dawid het geantwoord en gesê: “Gaan roep vir Batseba en sê sy moet hier
voor my kom staan.”

© Bible Society of South Africa.

29Die koning het toe belowe en gesê: “So seker soos die Here lewe, die Here wat elke
maal my lewe gered het toe dit vir my gevaarlik was,

30ek hét vir jou belowe dat jou seun Salomo koning sal word ná my en dat hy in my
plek op my troon sal sit. Ek het toe gesê my God die Here moet die getuie wees, en
ek belowe dit vandag weer.”

31Batseba het gekniel met haar gesig teen die grond en sy het voor die koning gebuig
en gesê: “Ek bid dat Meneer die koning Dawid vir altyd sal lewe.”

32Daarna het koning Dawid gesê: “Gaan roep die priester Sadok en die profeet Natan
en Benaja seun van Jojada, en sê hulle moet voor my kom staan.”

33Die koning het toe vir hulle gesê: “Julle moet die manne saamneem wat die koning
moet oppas en julle moet my seun Salomo op my eie muil laat ry. Julle moet hom na
die Gihon-fontein bring.

34Daar moet die priester Sadok en die profeet Natan hom salf om koning te wees
oor Israel. Dan moet julle die ramshoring blaas en sê: ‘Ons bid dat koning Salomo
lank sal lewe!’

35Julle moet saam met hom kom, en hy moet op my troon kom sit en koning wees in
my plek. Ek het gesê dit is hý wat moet regeer oor Israel en oor Juda.”

36Benaja seun van Jojada het vir die koning gesê: “Ons sal doen wat jy gevra het. Ek
bid dat die Here, die God van Meneer die koning, dit sal laat gebeur.

37Ek bid dat die Here by Salomo sal wees soos Hy by Meneer die koning was. Ek bid
ook dat die troon van Salomo belangriker sal word as die troon van Meneer die
koning Dawid.”

38Die priester Sadok en die profeet Natan en Benaja seun van Jojada en die Filistynse
manne wat die koning moes oppas, het gegaan en hulle het vir Salomo op koning
Dawid se muil laat ry. Hulle het hom na die Gihon-fontein geneem.

39Die priester Sadok het die horing en olyf-olie uit die gewyde tent saamgebring en
hy het vir Salomo gesalf. Toe blaas hulle die ramshoring, en al die manne sê: “Ons bid
dat die koning lank sal lewe!”

40Al die mense het saam met Salomo gegaan. Hulle het fluite geblaas en hulle was
baie bly. Hulle het so hard geskree dat die aarde gebewe het.

41Adonia en al die gaste wat hy genooi het, het klaar geëet en hulle het gehoor dat
die mense skree. Toe Joab hoor hulle blaas die ramshoring, het hy gevra: “Hoekom
raas die mense so in die stad?”

42Terwyl Joab gepraat het, het Jonatan seun van die priester Abjatar daar aangekom.
Adonia het gesê: “Kom nader, jy is ’n belangrike man en jy sal goeie nuus bring.”

© Bible Society of South Africa.

43Jonatan het geantwoord en vir Adonia gesê: “Nee, dit is nie goeie nuus vir jou nie. Ons meneer die koning Dawid het vir Salomo koning gemaak.

44Die koning het die priester Sadok saam met Salomo gestuur, en ook die profeet Natan en Benaja seun van Jojada en die Filistynse manne wat die koning moet oppas. Hulle het Salomo op die koning se muil laat ry

45en die priester Sadok en die profeet Natan het vir Salomo by die Gihon-fontein gesalf om koning te wees. Hulle het geskree en gejuig toe hulle van daar terugkom, en al die mense in die stad juig nou saam. Dit is wat julle gehoor het wat so geraas het.

46Salomo sit nou op die troon van die koning,

47en die koning se amptenare het ook gekom om ons meneer die koning Dawid geluk te wens. Hulle het gesê: ‘Koning Dawid, ons bid dat jou God vir Salomo ’n belangriker koning sal maak as wat jy was, sodat meer mense sal weet van hom as van jou.’ “En koning Dawid het daar op sy bed gebuig en gebid.

48Hy het gesê: ‘Ek prys die Here, die God van Israel. Hy het vandag een van my seuns op my troon laat sit en ek kan dit self sien.’ ”

49Al die gaste wat by Adonia was, het geskrik en opgestaan en haastig weggegaan, elkeen op ’n ander pad.

50Adonia was bang dat Salomo hom sal doodmaak en hy het opgestaan en aan die horings van die altaar gaan vashou.

51Iemand het vir Salomo gaan sê: “Koning Salomo, Adonia is nou bang vir jou. Hy het aan die horings van die altaar gaan vashou en hy het gesê: ‘Koning Salomo moet vandag belowe, en die Here moet die getuie wees, dat hy my nie sal laat doodmaak nie.’ ”

52Salomo het gesê: “As Adonia niks verkeerd doen nie, dan sal niks met hom gebeur nie, nie een van sy hare sal op die grond val nie. Maar as hy iets verkeerd doen, dan sal hy sterf.”

53Koning Salomo het mense gestuur om vir Adonia by die altaar te gaan haal. Hulle het hom gebring, en hy het voor koning Salomo gebuig. Salomo het vir hom gesê: “Jy mag nou huis toe gaan.”

1 Konings 2

Dawid sterf

(Kyk ook 1 Kron 29:26-30)

1Die tyd het nader gekom dat Dawid moes sterf, en hy het vir sy seun Salomo gesê:

2“Ek gaan nou sterf, soos al die mense. Jy moet sterk wees, jy moet ’n dapper man wees.

© Bible Society of South Africa.

3Jy moet doen wat jou God die Here gesê het. Jy moet lewe soos Hy wil hê, jy moet gehoorsaam wees en jy moet altyd doen wat die Here vir jou sê en leer, soos Moses in die wette geskryf het. Dan sal dit goed gaan met jou, dit sal goed gaan met alles wat jy doen en oral waar jy gaan.

4Dan sal die Here doen wat Hy belowe het toe Hy gesê het: 'As jou seuns aanhou om gehoorsaam te bly aan My en as hulle met hulle hele hart en lewe doen wat Ek wil hê, dan sal daar altyd iemand van jou nageslag op die troon van Israel sit.'

5Jy weet ook wat Joab seun van Seruja aan my gedoen het en wat hy gedoen het met die twee hoofde van die leër van Israel. Hy het vir Abner seun van Ner, en vir Amasa seun van Jeter vermoor. Hy het hulle doodgemaak toe daar vrede was, nie in 'n oorlog nie. Hulle bloed het gevloei oor die belt om sy heupe en oor die sandale aan sy voete, soos in 'n oorlog.

6Jy moet met hom doen wat jy dink is reg. Hy is 'n ou man, maar jy moenie hom in vrede laat sterf omdat hy oud is nie.

7"Maar jy moet onthou die seuns van Barsillai van Gilead is jou vriende. Jy moet hulle by jou tafel laat eet, want hulle het dit ook vir my gedoen toe ek moes vlug vir jou broer Absalom.

8"Simeï seun van Gera is ook hier by jou. Gera is 'n Benjamin-man van die stad Bagurim. Dit is hý wat my beledig het en wat my baie hartseer gemaak het daardie dag toe ek na die stad Maganajim gegaan het. Dit is ook hý wat my later kom ontmoet het by die Jordaan-rivier, en toe het ek vir hom voor die Here belowe dat ek hom nie sal doodmaak nie.

9Maar nou moet jy hom nie vry laat wegkom nie. Jy is 'n wyse man en jy sal weet wat jy met hom moet doen. Hy is 'n ou man, maar sy bloed móét vloei, hy moet sterf."

10Dawid het gesterf, en hulle het hom begrawe in die Dawidstad.

11Hy was 40 jaar lank koning, sewe jaar in Hebron en 33 jaar in Jerusalem.

12Salomo het op die troon van sy pa Dawid gaan sit. Almal het geweet dat hy nou die koning is.

Adonia sterf

13Adonia seun van Gaggit het na Salomo se ma Batseba toe gekom. Batseba het vir hom gevra: "Kom jy soos 'n vriend?" Adonia het gesê: "Ja, ek kom soos 'n vriend.

14Ek wil met jou praat oor iets." Batseba sê toe: "Jy mag praat."

15Toe sê Adonia: "Jy weet dat ek koning sou geword het en dat al die Israeliete dit aanvaar het. Maar die Here het iets anders laat gebeur, my broer het koning geword.

© Bible Society of South Africa.

16En nou is daar een ding wat ek vir jou wil vra, en jy moenie vir my nee sê nie.”
Batseba het gesê: “Jy mag vra.”

17Toe sê Adonia: “Jy moet asseblief met koning Salomo praat, want hy sal nie vir jou
nee sê nie. Jy moet vra dat hy Abisag van Sunem vir my moet gee sodat ek met haar
kan trou.”

18Batseba het gesê: “Goed, ek sal met die koning gaan praat oor jou.”

19Sy het na die koning toe gegaan om met hom te praat oor Adonia. Die koning het
opgestaan en hy het haar kom ontmoet. Hy het voor haar gebuig en toe het hy op
sy troon gaan sit. Hy het gesê hulle moet vir die ma van die koning ’n stoel bring, en
sy het regs langs hom gaan sit.

20Sy sê toe: “Ek wil iets vir jou vra, en jy moenie vir my nee sê nie.” Die koning het vir
haar gesê: “Ma, jy mag vir my vra, ek sal nie vir jou nee sê nie.”

21Sy sê toe: “Jy moet Abisag van Sunem vir jou broer Adonia gee sodat hy met haar
kan trou.”

22Koning Salomo het geantwoord en vir sy ma gesê: “Hoekom vra jy dat ek Abisag
van Sunem vir Adonia moet gee? Wil jy ook vir my vra dat Adonia koning moet word
in my plek? Hy is my broer wat ouer is as ek, en die priester Abjatar en Joab seun
van Seruja wil ook hê dat Adonia koning moet word.”

23Koning Salomo het gesê die Here moet die getuie wees en die Here moet hom
straf as hy Adonia laat aanhou lewe nadat hy hierdie ding gevra het.

24Die koning het gesê: “So seker soos die Here lewe, die Here wat my koning laat
word het, die Here wat my laat sit het op die troon van my pa Dawid en wat my
familie die koningsfamilie gemaak het soos Hy belowe het, so seker sal Adonia
vandag moet sterf.”

25Koning Salomo het vir Benaja seun van Jojada gestuur, en hy het Adonia
doodgemaak.

Die koning stuur vir Abjatar weg

26Die koning het vir die priester Abjatar gesê: “Jy moet in Anatot op jou grond gaan
bly. Miskien moet ek jou laat doodmaak, maar ek sal dit nie vandag doen nie, want jy
het die kis van die Here gedra voor my pa Dawid en jy het saam met hom
swaargekry. Die Here is die Here.”

27So het Salomo vir Abjatar laat ophou om priester te wees, en so het waar geword
wat die Here gesê het van die familie van Eli in Silo.

Joab sterf

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Toe Joab hoor wat gebeur het, het hy na die tent van die Here gevlug en aan die horings van die altaar gaan vashou. Hy wou voorheen nie vir Absalom help om koning te word nie, maar nou wou hy vir Adonia help.

29Toe koning Salomo hoor dat Joab na die tent van die Here gevlug het en dat hy daar langs die altaar staan, het hy vir Benaja seun van Jojada gestuur en gesê hy moet vir Joab gaan doodmaak.

30Benaja het na die tent van die Here gegaan en vir Joab gesê: “Die koning sê jy moet uitkom.” Maar Joab het gesê: “Ek sal nie, ek wil hiér sterf.” Benaja het vir die koning gaan sê wat Joab gesê het,

31en die koning het vir Benaja gesê: “Jy moet doen wat hy gesê het, gaan maak hom dood en begrawe hom. Dan sal die mense nie meer vir my en my familie beskuldig dat ons mense doodgemaak het nie, die mense vir wie Joab onskuldig doodgemaak het.

32Die Here self sal vir Joab straf omdat hy die twee goeie manne doodgemaak het, manne wat beter was as hy. Joab het hulle met ’n swaard doodgesteek, maar my pa Dawid het niks daarvan geweet nie. Die twee manne was Abner seun van Ner, die hoof van die leër van Israel, en Amasa seun van Jeter, die hoof van die leër van Juda.

33Joab en sy nageslag sal vir altyd skuldig wees omdat hulle daardie manne doodgemaak het, maar die Here sal dit goed laat gaan met Dawid en sy nageslag, met sy familie en met sy regering.”

34Benaja seun van Jojada het gegaan en hy het vir Joab doodgemaak. Hulle het vir Joab begrawe by sy huis in die woestyn.

35Die koning het vir Benaja seun van Jojada in Joab se plek gekies en aangestel om die hoof van die leër te wees, en hy het die priester Sadok gekies en aangestel in Abjatar se plek.

Simeï sterf

36Die koning het vir Simeï laat roep en hy het vir Simeï gesê: “Jy moet vir jou in Jerusalem ’n huis bou en daar gaan woon. Jy moenie uit die stad gaan nie.

37As jy van jou huis weggaan en oor die Kedron-vallei gaan, dan sal jy sterf, dit is seker, en dit sal jóú skuld wees.”

38Simeï het vir die koning gesê: “Wat Meneer die koning sê, is goed. Ek sal dit doen.” Simeï het lank in Jerusalem gewoon,

39maar drie jaar later het twee van sy slawe weggeloop na Akis seun van Maäka, die koning van die stad Gat. Die mense het vir Simeï gesê sy slawe is in Gat.

© Bible Society of South Africa.

40Hy het gereedgemaak en sy donkie opgesaal. Hy het na Akis in Gat gegaan om sy slawe te soek, en hy het hulle teruggebring uit Gat.

41Salomo het gehoor dat Simeï uit Jerusalem na Gat gegaan het en weer teruggekom het.

42Hy laat toe vir Simeï roep en hy sê vir Simeï: “Kan jy onthou dat ek jou voor die Here laat belowe het en dat ek jou gewaarsku het? Ek het gesê wanneer jy uit die stad na ’n ander plek gaan, dan moet jy weet jy sal sterf, dit is seker. En jy het vir my gesê dit is goed, jy verstaan dit.

43Hoekom het jy nie gedoen wat jy voor die Here belowe het nie? Hoekom het jy nie gedoen wat ek vir jou gesê het nie?”

44Die koning het ook vir Simeï gesê: “Jy weet jy is ’n slegte mens. Jy weet ook wat jy teen my pa Dawid gedoen het. Die Here sal jou nou straf oor wat jy gedoen het.

45Maar die Here sal aanhou om dit goed te laat gaan met koning Salomo, en daar sal altyd iemand op die troon van Dawid voor die Here wees.”

46Die koning het toe vir Benaja seun van Jojada gestuur, en hy het vir Simeï doodgemaak. Almal het toe geweet en aanvaar dat Salomo die koning is.

1 Konings 3

Salomo trou met die farao se dogter

1Salomo het ’n ooreenkoms gemaak met die farao, die koning van Egipte. Hy het met die dogter van die farao getrou en hy het haar in die Dawidstad laat woon totdat hy sy paleis en die tempel en die muur rondom Jerusalem klaar gebou het.

Die Here gee vir Salomo wysheid

(Kyk ook 2 Kron 1:1-13)

2Die mense het in daardie tyd nog aangehou om op die offer-plekke te offer, want die tempel vir die Here was nog nie gebou nie.

3Salomo self was lief vir die Here en hy het alles gedoen wat Dawid vir hom gesê het, maar hy het op die offer-plekke ge-offer en daar wierook gebrand.

4Die koning het na Gibeon gegaan om daar te offer, want dit was die belangrikste offer-plek. Hy het op daardie altaar 1 000 brand-offers ge-offer.

5Daar in Gibeon het die Here een nag aan Salomo verskyn en vir hom gesê: “Jy mag vir My enige iets vra, en Ek sal dit vir jou gee.”

6Salomo het toe gesê: “U het vir my en vir my pa Dawid gedoen wat U belowe het. My pa het aangehou om U te dien, en hy was ’n regverdige en eerlike mens wat vir U gedien het. U het gedoen wat U vir hom belowe het en U het vir hom ’n seun gegee wat vandag op sy troon sit.

© Bible Society of South Africa.

7My God die Here, U het my die koning laat word in my pa se plek, maar ek is baie
jonk en ek weet nie hoe om ’n leier te wees nie.

8Ek is hier saam met u volk, U het hulle gekies. Hulle is ’n groot volk, so groot dat ’n
mens hulle nie kan tel en elkeen se naam kan noem nie.

9U moet my help om gehoorsaam te wees aan U sodat ek reg kan regeer oor u volk
en sodat ek kan weet wat reg is en wat verkeerd is. Niemand kan oor hierdie
belangrike volk van U regeer as U hom nie help nie.”

10Die Here was bly dat Salomo dit gevra het.

11Hy het vir Salomo gesê: “Jy het dit gevra, jy het nie ’n lang lewe gevra of om ryk te
word nie, of dat jou vyande moet sterf nie. Jy het gevra dat jy sal weet wat reg is.

12Daarom sal Ek nou doen wat jy gevra het. Ek gee vir jou wysheid en verstand,
niemand vóór jou het soveel wysheid gehad nie en niemand ná jou sal soveel
wysheid hê nie.

13Ek gee ook vir jou wat jy nie gevra het nie. Jy sal jou hele lewe lank die rykste wees
van al die konings, en die mense sal jou meer respekteer as vir die ander konings.

14As jy lewe soos Ek wil hê en as jy doen wat Ek vir jou gesê het, soos jou pa Dawid
ook gedoen het, dan sal Ek jou lank laat lewe.”

15Toe Salomo wakker word, het hy geweet die Here het met hom gepraat in ’n
droom. Hy het na Jerusalem gegaan en hy het voor die verbondskis van die Here
gaan staan. Hy het brand-offers en ete-offers gebring en hy het al sy amptenare
genooi om saam met hom te eet.

Die wysheid waarmee Salomo ge-oordeel het

16Eendag het twee vroue wat prostitute was, na die koning toe gekom en voor hom
kom staan.

17Die een vrou het gesê: “Asseblief, Meneer, ek en hierdie vrou woon in een huis, en
ek het ’n kind gekry. Hierdie vrou was by my in die huis.

18Op die derde dag nadat ek die kind gekry het, het hierdie vrou ook ’n kind gekry.
Ons was saam, niemand anders was by ons nie. Net ons twee was in die huis.

19Maar hierdie vrou se kind het daardie nag gesterf, sy het hom doodgelê.

20Toe staan sy in die middel van die nag op en sy vat mý kind terwyl ek slaap en sy sit
hom by haar neer en sy sit haar seun wat dood is, by my neer.

21Toe ek die volgende oggend opstaan om my kind te laat drink, sien ek hy is dood.
Maar toe ek die oggend goed na hom kyk, sien ek dit is nie die kind wat ek gekry het
nie.”

© Bible Society of South Africa.

22Maar die ander vrou het gesê: “Nee, die kind wat lewe, is mý kind. Die kind wat dóód is, is jóú kind.” En die vrou wat eerste gepraat het, het gesê: “Nee, jou kind is die kind wat dood is, my kind is die kind wat lewe.” So het hulle voor die koning gestaan en twis.

23Die koning dink toe: Hierdie vrou sê die seun wat lewe, is haar kind, en die seun wat dood is, is die ander vrou se kind. Daardie vrou sê: “Nee, jóú seun is dood, dit is mý seun wat lewe.”

24Toe sê die koning: “Bring vir my ’n swaard.” Iemand het vir hom ’n swaard gebring,

25en die koning het gesê: “Kap die kind wat lewe, in twee stukke en gee vir elke vrou ’n stuk.”

26Die vrou wat die ma was van die kind wat lewe, het met die koning gepraat. Sy was jammer vir haar seun, en sy het gesê: “Asseblief, Meneer, gee die kind vir daardie vrou, moenie hom doodmaak nie.” Maar die ander vrou het gesê: “Hy sal nie my kind wees nie en ook nie jou kind nie. Kap hom in twee stukke.”

27Toe sê die koning: “Gee die kind wat lewe vir die vrou wat sê hy moet lewe, moenie hom doodmaak nie, sý is die kind se ma.”

28Al die Israeliete het gehoor hoe die koning ge-oordeel het. Hulle het die koning gerespekteer, want hulle het gesien dat God self vir die koning wysheid gegee het om reg te kan oordeel.

1 Konings 4

Salomo se amptenare

1Salomo was die koning van die hele Israel.

2Hier is die name van sy amptenare: Asarja seun van Sadok was ’n priester,

3Eligoref en Agija seuns van Sisa was die sekretarisse, Josafat seun van Agilud was die hoof van die amptenare,

4Benaja seun van Jojada was die hoof van die leër, Sadok en Abjatar was die priesters,

5Asarja seun van Natan was die hoof van die distrikshoofde, Sabud seun van Natan was ’n priester en ’n raadgewer van die koning,

6Agisar was die hoof van die paleis-personeel en Adoniram seun van Abda was die hoof van die werkers.

7Salomo het twaalf distrikshoofde in die land Israel gehad. Hulle moes sorg dat daar kos is vir die koning en vir die mense in sy paleis, elkeen moes elke jaar een maand lank kos bring.

8Die name van hierdie distrikshoofde was: Ben-Gur in die Efraim-berge,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9Ben-Deker in die stede Makas en Saälbim en Bet-Semes en Elon-Bet-Ganan,

10Ben-Gesed in die stede Arubbot, Soko en die hele Gefer-distrik,

11Ben-Abinadab in die hele distrik Nafat-Dor. Ben-Abinadab was getroud met Salomo se dogter Tafat.

12Baäna seun van Agilud was in die stede Taänak en Megiddo en die hele Bet-San oorkant Saretan suid van Jisreël. Dit is al die plekke van Bet-San tot by die stad Abel-Megola en tot oorkant die stad Jokmoam.

13Ben-Geber was in die stad Ramot-Gilead. Hy was die hoof van die kampe van Jaïr seun van Manasse. Die kampe was in Gilead. Hy was ook die hoof van die Argob-distrik wat in Basan is. Daar was 60 groot stede met sterk mure. Die poorte het sluitbalke van brons gehad.

14Aginadab seun van Iddo was in die stad Maganajim,

15Agimaäs was in die distrik Naftali. Hy was getroud met ’n ander dogter van Salomo, met Basmat.

16Baäna seun van Gusai was in die distrik Aser en Bealot,

17Josafat seun van Paruag was in die distrik Issaskar,

18Simeï seun van Ela was in die distrik Benjamin,

19Geber seun van Uri was in die land Gilead, in die deel van die land waar Sihon koning van die Amoriete was en waar Og koning van Basan was. Daar was net een distrikshoof in hierdie deel van die land.

Dit gaan goed met Salomo en sy mense

20Die mense van Juda en Israel was so baie soos die sand langs die see. Hulle het genoeg gehad om te eet en te drink, en hulle was gelukkig.

21Salomo het regeer oor al die lande van die Eufraat-rivier tot by Filistyne-land en die grens van die land Egipte. Die mense van hierdie lande het vir Salomo presente gebring en hulle het vir hom gewerk totdat hy gesterf het.

22Die kos wat hulle elke dag moes bring vir die mense in Salomo se paleis, was 30 kor fynmeel en 60 kor broodmeel,

23tien beeste wat hulle in die stalle kos gegee het en 20 beeste wat in die veld gewei het, 100 skape en bokke, en ook nog takbokke, gaselle, gemsbokke en ribbokke, en hoenders en ganse wat hulle in hokke vetgemaak het.

24Salomo het regeer oor al die lande wes van die Eufraat-rivier, dit was van die stad Tifsag tot by die stad Gasa. Hy het regeer oor al die konings wes van die Eufraat-rivier. Daar was vrede tussen hom en al die konings rondom hom.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Die mense van Juda en Israel, van die stad Dan in die noorde tot by die stad Berseba in die suide, het veilig gewoon terwyl Salomo gelewe het. Elkeen kon rustig onder sy eie wingerdstok en onder sy eie vyeboom sit.

26Salomo het 40 000 perde in sy stalle gehad vir sy oorlogkarre en hy het 12 000 ryperde gehad.

27Die distrikshoofde het elkeen een maand lank kos gebring vir koning Salomo en vir almal wat by sy tafel geëet het. Daar was genoeg kos vir almal.

28Die distrikshoofde het ook vir die perde genoeg gars en strooi gebring na die plekke waar die perde was.

Die wysheid van Salomo

29God het vir Salomo baie wysheid en verstand gegee, hy het geweet van baie dinge, so baie soos die sand op die strand by die see.

30Hy het meer wysheid gehad as die Oosmense en die mense van Egipte,

31meer wysheid as al die ander mense, meer wysheid as Etan die Esragiet en meer wysheid as Heman en Kalkol en Darda, die seuns van Magol. Almal in die lande rondom Israel het geweet van Salomo.

32Hy het 3 000 spreuke en 1 005 liedere geskryf.

33In die

Spreuke en liedere het hy gepraat van bome en plante, van die sederbome op die Libanon-berg tot by die hisop-bossies wat uit die mure gegroei het. Hy het ook gepraat van diere en voëls en die klein diertjies wat op die aarde kruip, en oor die visse.

34Mense van al die volke het kom luister na die wysheid van Salomo. Die konings van die aarde wat gehoor het van Salomo se wysheid, het die mense gestuur om na hom te gaan luister.

1 Konings 5

Salomo en koning Hiram van Tirus maak ’n ooreenkoms

(Kyk ook 2 Kron 2:2-17)

1Koning Hiram van Tirus was altyd ’n vriend van Dawid totdat Dawid gesterf het. Toe Hiram hoor dat hulle vir Salomo gesalf het om koning te wees ná sy pa, het hy party van sy amptenare na Salomo toe gestuur.

2Salomo het vir die amptenare gesê hulle moet vir Hiram sê:

3“Jy weet self dat my pa Dawid oorlog moes maak teen al die volke rondom sy land totdat die Here hom laat wen het teen hulle. Daarom kon hy nie ’n tempel bou vir sy God die Here nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Maar nou het my God die Here vir my vrede gegee met al die volke rondom my land. Ek het nie vyande nie en daar is nie gevaar nie.

5En daarom wil ek nou ’n tempel bou vir my God die Here. Ek wil dit doen soos die Here vir my pa Dawid gesê het. Die Here het gesê: ‘Ek sal jou seun koning laat word ná jou, en hý sal die tempel bou vir My.’

6Nou moet jy vir jou werkers sê hulle moet vir my sederbome afkap op die Libanon-berg. My werkers sal saam met jou werkers werk. Ek sal jou werkers betaal, jy moet sê hoeveel ek vir hulle moet gee. Jy weet self ons het nie mense wat so goed bome kan afkap soos die mense van Sidon nie.”

7Hiram was baie bly toe hy Salomo se boodskap kry. Hy het gesê: “Ek prys die Here vandag dat Hy vir Dawid so ’n wyse seun gegee het om koning te wees oor hierdie belangrike volk.”

8Hiram het vir Salomo laat weet: “Ek het jou boodskap gekry. Ek sal vir jou al die sederbome en sipresbome gee wat jy wil hê.

9My werkers sal dit van die Libanon-berg afbring na die see. Ek sal vlotte maak van die hout en ek sal dit vir jou bring, jy moet sê na watter plek. Ek sal die hout van die vlotte daar losmaak, en jy kan die hout dan verder neem. En jy moet dan vir die mense in my paleis kos gee, soveel kos soos ek wil hê.”

10Hiram het vir Salomo soveel sederhout en sipreshout gegee soos hy wou hê,

11en Salomo het elke jaar vir Hiram 20 000 kor koring en 20 kor skoon olyf-olie gegee vir die mense in sy paleis.

12Die Here het vir Salomo wysheid gegee soos Hy belowe het. Daar was vrede tussen Hiram en Salomo, en hulle het ’n ooreenkoms gemaak.

Salomo maak gereed om die tempel te bou

13Koning Salomo het 30 000 werkers uit die hele land Israel laat kom

14en hy het elke maand 10 000 van hulle in groepe na die Libanon-berg gestuur. Hulle was ’n maand op die Libanon-berg en dan weer twee maande by die huis. Adoniram was die hoof van die werkers.

15Salomo het ook 70 000 mans gehad wat die hout moes dra en 80 000 mans wat die klippe in die berge moes kap.

16Daar was ook 3 300 hoofde wat moes kyk dat die werkers hulle werk doen.

17Hulle het groot klippe uitgehaal soos die koning gesê het. Dit was goeie klippe en hulle het dit gekap sodat hulle die fondamente van die tempel daarmee kon bou.

© Bible Society of South Africa.

18Die bouers van Salomo en die bouers van Hiram en die mense van die stad Gebal het die klippe gekap en hulle het die hout en die klippe gereedgemaak om die tempel te bou.

1 Konings 6

Salomo bou die tempel

(Kyk ook 2 Kron 3:1-14)

1Salomo het die tempel gebou in die 480ste jaar nadat die Israeliete uit Egipte gekom het. Dit was in die vierde jaar nadat Salomo koning geword het, in die maand Sif, dit is die tweede maand.

2Die tempel wat Salomo vir die Here gebou het, was 60 el lank, 20 el breed en 30 el hoog.

3Die voorportaal by die voorkant van die tempelgebou was 20 el lank en tien el breed. Die voorportaal was so lank soos wat die tempel breed was.

4Salomo het vensters in die mure van die tempel gesit. ’n Mens kon die vensters toemaak.

5Hy het nog ’n gebou teen die buitemuur van die tempel gebou. Dit was rondom die voorste en die binneste kamers en dit was drie verdiepings hoog.

6Die onderste verdieping was vyf el breed, die middelste verdieping was ses el breed en die boonste verdieping was sewe el breed. Hy het dit so gebou omdat hy hierdie gebou se muur téén die muur van die tempel gebou het, hy het dit nie ín die tempelmuur vasgebou nie.

7Hulle het die tempel gebou van klip wat hulle klaar gekap het. ’n Mens het nie hamers en beitels en ander yster-gereedskap gehoor raas toe hulle die tempel gebou het nie.

8Die deur na die onderste verdieping was langs die kant van die tempel, by die suidekant, en daar was trappe na die middelste en boonste verdiepings.

9Salomo het die tempel klaar gebou en hy het ’n dak opgesit. Die dak was van rye dik sederhout pale.

10Elke verdieping van die gebou wat hy teen die tempel gebou het, was vyf el hoog, en die vloere en die dak was van sederhout pale wat op die muur teen die tempel gelê het.

11Die Here het met Salomo gepraat en gesê:

12“Jy bou nou die tempel. As jy lewe soos Ek in my wette sê en as jy doen wat Ek wil hê, dan sal Ek met jou doen wat Ek vir jou pa Dawid belowe het.

13Ek sal by die Israeliete woon en Ek sal nie weggaan van hulle nie.”

© Bible Society of South Africa.

14Salomo het die tempel gebou en hy het dit klaargemaak.

15Hy het die mure binne-in die tempel met sederhout planke toegemaak. Die planke was van die vloer tot teen die dak, en hy het die vloer van sipreshout planke gemaak.

16Agter in die tempel het hy ’n muur van sederhout planke gebou. Die muur was van die vloer tot teen die dak, en agter die muur was ’n kamer wat 20 el lank was. Dit was die binneste kamer, die hoog-gewyde kamer.

17Die voorste kamer van die tempel was 40 el lank.

18Salomo het bitterappels en blomme laat uitsny op die mure van die tempel se binnekant. Alles was van sederhout, ’n mens kon nie die klip van die mure sien nie.

19Hy het die binneste kamer in die tempel gereedgemaak om die verbondskis van die Here daar te sit.

20Die binneste kamer was 20 el lank en 20 el breed en 20 el hoog, en Salomo het die mure laat toemaak met dun goudplate. Hy het die altaar voor die binneste kamer van sederhout laat maak.

21Hy het die mure van die tempel se binnekant laat toemaak met dun goudplate en hy het goue kettings voor die binneste kamer laat hang.

22Hy het die hele tempel se binnekant met goud laat toemaak, die hele tempel en die altaar voor die binneste kamer.

23Hy het twee gerubs van olyfhout in die binneste kamer gesit. Elke gerub was tien el hoog.

24Elke vlerk van ’n gerub was vyf el lank. Dit was tien el van die punt van een vlerk tot by die punt van die ander vlerk.

25Die twee gerubs was ewe groot en hulle het dieselfde gelyk.

26Elke gerub was tien el hoog.

27Salomo het die twee gerubs in die binneste kamer gesit. Hulle vlerke was oop, die punt van een gerub se vlerk het aan die een muur geraak, en die ander gerub se vlerk het aan die ander muur geraak. In die middel van die kamer het die gerubs se ander vlerke aan mekaar geraak.

28Hy het die gerubs met goud laat toemaak.

29Salomo het gerubs, palmbome en blomme laat uitsny op al die mure van die tempel, in die voorste kamer en in die binneste kamer.

30Hy het ook die vloere van die voorste kamer en die binneste kamer met goud laat toemaak.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

31Hy het twee deure van olyfhout vir die binneste kamer laat maak. Die rame van die deure het vyf hoeke gehad.

32Hy het gerubs, palmbome en blomme laat uitsny op die twee deure en hy het dit alles met goud toegemaak.

33Hy het dieselfde gedoen met die deur van die voorste kamer, maar die raam van die deur het vier hoeke gehad. Die raam was van olyfhout.

34Die twee deure was van sipreshout en dit was swaaideure.

35Hy het gerubs, palmbome en blomme op die deure laat uitsny en hy het dit alles met goud toegemaak.

36Rondom die binneste oop stuk grond voor die tempel het hy ’n muur gebou. In die muur was drie rye gekapte klip en een ry sederhout opmekaar.

37Hulle het die onderste klippe van die tempelmure op hulle plekke neergesit in die vierde jaar, in die maand Sif,

38en die tempel en alles daarby was klaar in die elfde jaar, in die maand Bul, die agste maand. Salomo het sewe jaar lank gebou, en toe was die tempel klaar.

1 Konings 7

Salomo bou sy paleis

1Salomo het die paleis gebou, en ná 13 jaar was alles klaar.

2Die houthuis was 100 el lank en 50 el breed en 30 el hoog. Daar was vier rye pilare van sederhout, en bo-op die pilare was daar sederhout pale.

3-4Daar was drie verdiepings, en op elke verdieping was drie rye vensters oorkant mekaar. Onder die verdiepings was 45 pilare, 15 pilare in ’n ry, en bo-oor was ’n dak.

5Al die deure en hulle rame was vierkantig. Daar was drie deure aan elke kant, oorkant mekaar.

6Salomo het ’n pilaargang gebou, dit was 50 el lank en 30 el breed. By die voorkant was daar ’n voorportaal en ’n dak op pilare.

7Hy het ook ’n troonsaal gebou. Dit was ’n hofsaal waar hy sou sit wanneer hy oordeel. Hy het die mure van die saal met sederhout toegemaak, die hout was van die vloer tot teen die dak.

8Sy eie huis waar hy gewoon het, was op ’n ander stuk grond weg van die troonsaal en dit het gelyk soos die troonsaal. Hy het ook ’n huis gebou vir die farao se dogter met wie hy getrou het. Dit het soos die troonsaal gelyk.

© Bible Society of South Africa.

9Hulle het spesiale klippe gebruik om al die mure te bou, binne en buite, van die fondamente tot bo. Die werkers het die klippe klaar gekap so groot soos hulle moes wees.

10Hulle het ook spesiale en groot klippe gebruik om die fondamente te bou. Party klippe was tien el lank en party was ag el lank.

11Die mure bo-op die fondamente was van duur klip en sederhout.

12Die muur rondom die groot oop stuk grond was van drie rye klippe opmekaar en dan een ry sederhout. Die mure van die binneste oop stuk grond by die tempelgebou en die voorportaal van die tempel was ook so.

Die werk van Hiram van Tirus

13Koning Salomo het vir Hiram uit Tirus laat haal.

14Hiram was die seun van ’n weduwee van die Naftali-stam. Sy pa was ’n man van die stad Tirus. Hiram was ’n ambagsman wat met brons kon werk. Hy was vaardig en hy het geweet hoe om al die werk met brons te doen. Hiram het na koning Salomo toe gekom en hy het al sy werk gedoen.

15Hy het die twee brons-pilare gemaak. Elke pilaar was 18 el hoog en dit was twaalf el rondom.

16Hy het twee kapitele gemaak om bo-op die pilare te sit. Die kapitele was van brons en elke kapiteel was vyf el hoog.

17Hy het rondom elke kapiteel ’n net gemaak, hy het dit gevleg, en op elke net het hy sewe kettings vasgesit.

18Hy het ook op elke net twee rye granate vasgesit.

19Die pilare het by die voorportaal gestaan. Die boonste dele van die kapitele het gelyk soos blomme en dit was vier el hoog.

20Die kapitele was bo-op die pilare. Rondom elke kapiteel, langs die net, waar die blom dikker word, was 200 granate in rye.

21Hiram het die pilare regop laat staan by die voorportaal van die tempel. Hy het die pilaar by die suidekant Jakin genoem en die pilaar by die noordekant het hy Boas genoem.

22Nadat hy die blomme bo-op die pilare vasgesit het, was die pilare klaar.

23Hiram het die waterbak gemaak. Dit was tien el breed, vyf el hoog en 30 el rondom.

24Onderkant en rondom die rand van die waterbak was twee rye kalbasse, daar was tien kalbasse in elke el. Hiram het die kalbasse saam met die waterbak gemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Die waterbak het gestaan op die beelde van twaalf beeste. Die beeste het na buite gekyk, drie na die noorde, drie na die weste, drie na die suide en drie na die ooste.

26Die kant van die waterbak was ’n handbreedte dik en die rand was soos die rand van ’n beker. Dit het soos ’n blom gelyk. Die waterbak kon 2 000 bat hou.

27Hiram het tien waentjies van brons gemaak. Elke waentjie was vier el lank, vier el breed en drie el hoog.

28-36Hiram het die waentjies só gemaak: Op die kante van die waentjies het hy leeus en beeste en gerubs uitgesny. Bo en onder die leeus en die beeste het hy kransies uitgesny. Hy het vir elke waentjie vier wiele van brons gemaak. Die vier wiele was onder die kante van die waentjies en die asse van die wiele was onder die waentjies. Elke wiel was een en ’n halwe el hoog. Die wiele het gelyk soos die wiele van ’n wa en hulle was heeltemal van brons. Die asse was ook van brons en dit was vas aan die vier voetstukke. Bo-op die waentjies was kassies, die was-skottels het daarin gepas. Daar was kransies langs die kante van die kassies. Die kassies was een el hoog, en die gat waarin die was-skottel moes kom, was een en ’n halwe el breed. Rondom die gat was daar graveerwerk en ’n band wat ’n halwe el hoog was. Die kante van die kassies was vierkantig, dit was nie rond nie. Daar was handvatsels aan elke hoek, en op die kante van die kassies en op die handvatsels het Hiram gerubs en leeus en palmbome uitgesny.

37Dit is hoe Hiram die waentjies gemaak het. Die waentjies was ewe groot en hulle het dieselfde gelyk.

38Hiram het vir elke waentjie ’n was-skottel van brons gemaak. Elke skottel kon 40 bat hou, en bo was dit vier el breed.

39Hiram het die waentjies voor die tempel gesit, vyf waentjies langs die suidekant en vyf langs die noordekant. Hy het die waterbak langs die suid-oostelike kant van die tempel gesit.

40Daarna het Hiram die bakke en die grawe en die skottels gemaak. Hy het al die werk by die tempel klaargemaak vir koning Salomo.

41Dit was die twee pilare en die kapitele bo-op die pilare en die nette,

42die 400 granate in twee rye op die nette langs die voorkante van die pilare,

43die tien waentjies en die tien was-skottels bo-op die waentjies,

44die een waterbak en die twaalf beeste onder die waterbak,

45die potte en grawe en skottels en al die gereedskap van die tempel. Hiram het alles vir koning Salomo gemaak van brons wat hy glad geskuur en blink gevryf het.

46Hy het alles gesmelt in die kleigrond by die Jordaan-rivier tussen die stede Sukkot en Saretan.

© Bible Society of South Africa.

47Salomo het nie hierdie goed geweeg nie, want die brons was te veel om te weeg.

48Salomo het ook al die ander goed laat maak wat in die tempel moes wees: die goue altaar, die goue tafel waarop die offer-brood moes kom,

49die lampstaanders van skoon goud, vyf lampstaanders regs en vyf lampstaanders links voor die binneste kamer, die blomme en die lampe en die tangetjies,

50die bakke, die skêre, die skottels, die panne en die vuurbakke, alles van skoon goud, die goue skarniere vir die deure van die binneste en die voorste kamers van die tempel.

51Toe al die werk by die tempel klaar was, die werk wat koning Salomo gesê het hulle moet doen, het hy die wydingspresente van sy pa Dawid gebring en hy het dit in die stoorkamers van die tempel gesit. Dit was silwer en goud en ander goed.

1 Konings 8

Salomo en die leiers bring die verbondskis na die tempel

(Ook 2 Kron 5:2-10)

1Daarna het koning Salomo al die leiers van die Israeliete laat bymekaarkom by hom in Jerusalem, al die stamhoofde en die familiehoofde van die Israeliete. Hy wou die verbondskis uit die Dawidstad, uit Sion, laat bring.

2Hulle het bymekaargekom vir die fees in die maand Etanim, die sewende maand.

3Die leiers van die Israeliete was almal daar, en die priesters het die kis gedra.

4Hulle en die Leviete het die kis gebring en ook die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn en al die gewyde gereedskap.

5Koning Salomo en die hele volksvergadering van die Israeliete wat saam met hom was, was voor die kis, en hulle het so baie skape en bokke en beeste ge-offer, dat niemand dit kon tel nie.

6Die priesters het die verbondskis van die Here na sy plek gebring in die binneste kamer van die tempel. Dit was die hoog-gewyde plek onder die gerubs se vlerke,

7want die gerubs se vlerke was oop oor die plek waar die kis gestaan het, die gerubs het die kis en sy dra-houte toegemaak.

8Die dra-houte van die kis was so lank dat iemand hulle punte kon sien as hy voor die binneste kamer gestaan het, maar hy kon die punte nie sien as hy buite gestaan het nie. Die dra-houte is nou nog daar.

9Daar was niks in die kis nie, net die twee plat klippe wat Moses daarin gesit het by Horeb-berg. Hy het dit gedoen toe die Here met die Israeliete ’n verbond gemaak het nadat hulle uit Egipte gekom het.

© Bible Society of South Africa.

10Toe die priesters uit die tempel kom, het daar ’n wolk in die tempel gekom en die wolk het alles toegemaak.

11Die wolk was so dik dat die priesters nie kon sien om hulle werk te doen nie. Die Koning, die Here, was daar.

Salomo praat met die volksvergadering van Israel

(Kyk ook 2 Kron 6:3-11)

12Daarna het Salomo gesê: “Here, U het gesê U wil in ’n plek woon waar dit donker is.

13En ek het nou vir U ’n tempel gebou om in te woon, ’n huis waar U altyd kan woon.”

14Toe kyk die koning na die hele volksvergadering van Israel wat daar staan. Hy het hulle gegroet

15en hy het gesê: “Ek prys die Here, die God van Israel. Hy het vir my pa Dawid iets belowe en Hy het gedoen wat Hy belowe het. Hy het gesê:

16‘Van die tyd toe Ek my volk Israel uit Egipte gebring het tot nou toe, het Ek nie ’n stad gekies uit al die stede van die stamme van Israel nie, ’n stad waar iemand ’n tempel moet bou waar Ek kan verskyn nie, maar Ek het vir Dawid gekies om oor my volk Israel te regeer.’

17My pa Dawid het besluit om ’n tempel te bou om die Here, die God van Israel, te dien,

18maar die Here het vir my pa Dawid gesê: ‘Dit is goed dat jy planne het om vir My ’n tempel te bou,

19maar jý sal nie die tempel bou nie, jou seun wat gebore sal word, hý sal vir My die tempel bou.’

20En die Here het laat gebeur wat Hy belowe het. Ek het koning geword ná my pa Dawid, ek sit op die troon van Israel soos die Here belowe het, en ek het die tempel gebou om die Here, die God van Israel, te dien.

21Ek het daar ’n plek gereedgemaak vir die kis van die Here waarin die verbond is wat die Here met ons voorvaders gemaak het toe Hy hulle uit Egipte gebring het.”

Salomo bid tot die Here

(Ook 2 Kron 6:12-42)

22Toe het Salomo voor die altaar van die Here gaan staan. Hy het voor die hele volksvergadering van Israel gestaan en hy het sy hande uitgesteek

23en hy het gesê: “Here, God van Israel, in die hemel daar bo en op die aarde hier onder is daar nie ’n ander God soos U nie. U het aangehou om vir u dienaars te doen wat U in u verbond belowe het, u dienaars wat met hulle hele hart lewe soos U wil hê.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24U het gedoen wat U vir u dienaar, my pa Dawid, gesê het. U het dit belowe en U het dit gedoen, dit is vandag soos U belowe het.

25En nou, Here, God van Israel, moet U vir u dienaar, my pa Dawid, doen wat U belowe het. U het vir hom gesê: 'Iemand van jou nageslag sal altyd op die troon van Israel sit, maar dan moet jou nageslag reg doen. Hulle moet lewe soos Ek wil hê en soos jy ook gelewe het.'

26En nou, God van Israel, laat die woorde asseblief waar word wat U gesê het vir u dienaar, my pa Dawid.

27Maar sal God regtig op die aarde woon? Daar is nie genoeg plek vir U in die hoogste hemel nie, en hierdie tempel wat ek gebou het, het nóg minder plek.

28Maar my God die Here, luister nou wanneer ek bid en soebat, luister na wat ek vir U vra wanneer ek, u dienaar, vandag tot U bid.

29U moet asseblief altyd sorg vir hierdie tempel. Dit is die plek waar U gesê het U wil wees. Luister na die gebed wat 'n dienaar van U bid wanneer hy na hierdie plek kyk en bid.

30Luister wanneer u dienaar en u volk Israel bid en soebat terwyl hulle na hierdie plek kyk en bid. En wanneer U dit hoor in u woonplek, die hemel, vergewe dan ons sonde.

31"Wanneer iemand sê 'n ander persoon het verkeerd gedoen teen hom, en hy wil hê die ander persoon moet voor U kom sê dat U hom moet straf as hy dit gedoen het, dan sal die ander persoon miskien voor die altaar in hierdie tempel kom staan en sê hy is onskuldig.

32Dan moet U asseblief in die hemel luister en U moet oordeel tussen u dienaars. Die persoon wat skuldig is, moet die straf kry vir dit wat hy gedoen het en die persoon wat onskuldig is, moet vry wees omdat hy onskuldig is.

33"U volk Israel sal miskien 'n oorlog verloor teen vyande omdat u volk sonde gedoen het teen U. As u volk dan hulle lewe verander en hulle doen wat U wil hê en hulle prys u Naam en hulle bid tot U in hierdie tempel en hulle soebat vir U,

34dan moet U asseblief in die hemel luister en U moet u volk Israel se sonde vergewe en hulle laat terugkom na die land wat U vir hulle voorvaders gegee het.

35"U sal miskien die hemel toesluit en dit sal nie reën nie omdat u volk sonde doen teen U. As hulle dan na hierdie plek kyk en bid, en hulle prys u Naam en hulle verander hulle lewe en hulle doen wat U wil hê en hulle vra dat U moet luister na hulle gebed,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

36dan moet U asseblief in die hemel luister en U moet u dienaars en u volk Israel se sonde vergewe. U moet iets doen om hulle te help, U moet reën gee op die land wat U vir u volk gegee het. So sal U vir hulle leer om reg te lewe.

37"Daar sal miskien hongersnood in die land wees, of almal sal begin siek word en sterf, of daar sal siektes kom in die koring op die land, of daar sal swerms sprinkane kom, of vyande van die volk sal kom en hulle sal die stede aanval van al die kante, of ander slegte dinge sal gebeur.

38Dan moet U asseblief luister wanneer iemand of u volk Israel bid en soebat, U moet luister wanneer elke persoon sy hande uitsteek na hierdie tempel en sê wat met hom gebeur het.

39Luister dan asseblief in u woonplek, die hemel, en vergewe sy sonde en help hom. Gee vir elkeen wat hy moet kry, want net U weet hoe 'n mens se hart regtig is.

40Dan sal hulle altyd gehoorsaam wees aan U terwyl hulle in die land woon wat U vir hulle voorvaders gegee het.

41"Maar U moet ook luister na iemand wat nie van u volk Israel is nie en wat van 'n ver land kom omdat hy u Naam gehoor het.

42As hy gehoor het van u groot Naam en van die groot dinge wat U gedoen het, en hy kom en hy kyk na hierdie tempel en hy bid,

43dan moet U luister in die hemel waar U woon en U moet alles doen wat hy vir U in sy gebed vra, sodat elke volk op die aarde u Naam kan ken en gehoorsaam kan wees aan U, soos u volk Israel. Doen dit sodat hulle kan weet dat hierdie tempel aan U behoort, hierdie tempel wat ek gebou het.

44"U volk sal miskien oorlog gaan maak teen vyande omdat U gesê het hulle moet dit doen. As hulle kyk na hierdie stad wat U gekies het en na hierdie tempel wat ek gebou het vir U, en as hulle bid en soebat,

45dan moet U asseblief in die hemel luister na hulle gebed en U moet hulle laat wen teen hulle vyande.

46"Al die mense doen sonde. U volk doen ook sonde teen U, en dan word U kwaad en U gee hulle vir hulle vyande sodat die vyande hulle kan vang en wegvat na die vyande se land, ver of naby.

47Maar u volk sal miskien hulle lewe verander daar in die land waar hulle gevangenes is en hulle sal weer na U toe kom en tot U bid in daardie land en sê: 'Ons het sonde gedoen, ons het verkeerde dinge gedoen, ons is skuldig.'

48As hulle met hulle hele hart en lewe na U toe kom in die land van hulle vyande waar hulle gevangenes is en as hulle kyk na hierdie land wat U vir hulle voorvaders

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

gegee het, en na die stad wat U gekies het, en na die tempel wat ek gebou het vir U, en as hulle bid tot U,

49dan moet U asseblief luister in u woonplek, die hemel. U moet luister na hulle gebed en U moenie aanhou om hulle te straf nie.

50U moet asseblief u volk vergewe wat sonde gedoen het teen U. U moet hulle vergewe dat hulle opstandig was teen U, en U moet die mense wat vir hulle gevang het, jammer laat wees vir hulle,

51want hulle is u eie volk. U het hulle gebring uit Egipte, die plek wat vir hulle soos ’n warm oond was.

52“Luister asseblief na my gebede en na die gebede van u volk Israel. Luister asseblief na elke gebed wat ons tot U bid, en doen asseblief wat ons vir U vra,

53want, Here, U wat Here is, U het ons gekies om u volk te wees, U het nie een van die ander volke van die wêreld gekies nie. Dit het gebeur soos U vir ons gesê het toe U vir Moses, u dienaar, gestuur het en toe U ons voorvaders uit Egipte gebring het.”

54Salomo het voor die altaar gekniel en hy het sy hande na die hemel uitgesteek toe hy tot die Here gebid en gesoebat het.

Salomo praat weer met die gemeente van Israel

Nadat Salomo klaar tot die Here gebid het, het hy opgestaan

55en hy het die hele gemeente van Israel gegroet. Hy het hard gepraat en gesê:

56“Ek prys die Here. Hy het belowe om vir sy volk Israel ’n woonplek te gee, en Hy het dit gedoen. Hy het goeie dinge gesê toe Hy sy dienaar Moses gestuur het, en dit het gebeur.

57Ek bid dat ons God die Here by ons sal wees soos Hy by ons voorvaders was. Ek bid dat Hy nie sal weggaan van ons nie en dat Hy ons nie sal los nie.

58Ek bid dat Hy in ons harte sal werk sodat ons Hom graag sal wil dien en sodat ons sal lewe soos Hy wil hê en gehoorsaam sal wees aan al die wette wat Hy vir ons voorvaders gegee het.

59Ek bid dat ons God die Here elke dag en nag sal dink aan wat ek gesê het toe ek gesoebat het en tot Hom gebid het. Ek bid ook dat Hy sal help sodat mense elke dag reg sal doen aan my en aan sy volk Israel.

60Dan sal al die volke van die aarde weet die Here is God en daar is nie nog ’n ander God nie.

61Julle moet lewe soos ons God die Here vir julle in sy wette sê, julle moet Hom dien met julle hele hart, soos julle vandag doen.”

Salomo en die Israeliete wy die tempel

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

62Die koning en al die Israeliete saam met hom het vir die Here offers gebring.

63Salomo het ’n ete-offer gebring. Dit was 22 000 beeste en 120 000 skape en bokke. So het die koning en al die Israeliete die tempel aan die Here gewy.

64Die koning het daardie dag die middelste deel van die oop stuk grond voor die tempel gewy, want hy het die brand-offer en die koring-offer en die vet van die ete-offers daar verbrand. Hy het dit gedoen omdat die altaar voor die tempel te klein was vir al die offers. Daardie altaar was van brons.

65Salomo en al die Israeliete saam met hom het daardie tyd feesgevier vir ons God die Here. Hulle was ’n groot volksvergadering, van die stad Lebo-Hamat tot by Egipte-spruit. Hulle het eers sewe dae lank feesgevier, en toe weer sewe dae lank, dit was alles saam 14 dae.

66Die dag daarna het Salomo die volk laat gaan. Die koning het hulle gegroet en hulle het huis toe gegaan. Hulle was bly en gelukkig oor al die goeie dinge wat die Here gedoen het vir sy dienaar Dawid en vir sy volk Israel.

1 Konings 9

Die Here verskyn weer aan Salomo

(Kyk ook 2 Kron 7:11-22)

1Nadat Salomo die tempel en die paleis klaar gebou het, en ook al die ander dinge klaargemaak het wat hy wou doen,

2het die Here weer aan Salomo verskyn soos Hy by Gibeon aan hom verskyn het.

3Die Here het vir Salomo gesê: “Ek het gehoor toe jy tot My gebid het en gesoebat het. Ek wy hierdie tempel om aan My te behoort. Ek sal altyd daarvoor sorg en daaraan dink.

4En jy, as jy heeltemal reg lewe voor My, soos jou pa Dawid gelewe het, en jy doen alles wat Ek vir jou sê, as jy doen wat Ek wil hê en wat Ek besluit,

5dan sal jou nageslag altyd koning wees oor Israel, Ek sal dit laat gebeur. Ek het vir jou pa Dawid gesê: ‘Iemand uit jou nageslag sal altyd op die troon van Israel sit,’ en dit sal so wees.

6Maar as julle weggaan van My, julle en julle kinders, en julle is nie gehoorsaam aan die wette en gebooie wat Ek vir julle gegee het nie, as julle ander gode gaan dien en julle buig voor hulle,

7dan sal Ek Israel wegvat uit die land wat Ek vir hulle gegee het en Ek sal hierdie tempel laat verwoes, die tempel wat Ek gewy het om aan My te behoort. Dan sal al die volke praat van die Israeliete en hulle sal die Israeliete spot.

© Bible Society of South Africa.

8Hierdie tempel sal ’n hoop klippe word. Elkeen wat hier verbygaan, sal skrik en fluit
en vra: ‘Hoekom het die Here dit gedoen met hierdie land en met hierdie tempel?’

9Dan sal die mense sê: ‘Dit het gebeur omdat die Israeliete die Here gelos het, die
God wat hulle voorvaders uit Egipte gebring het. Hulle het ander gode begin aanbid
en hulle het voor die gode gebuig en hulle gedien. Dit is hoekom die Here al hierdie
slegte dinge met hulle laat gebeur het.’ ”

Die stede wat Salomo vir koning Hiram gegee het

(Kyk ook 2 Kron 8:1-2)

10Salomo het 20 jaar lank gebou, en toe was die tempel en die paleis klaar.

11Koning Hiram van Tirus het vir Salomo die sederhout en sipreshout en goud gegee
wat Salomo wou hê om die tempel en die paleis te bou. Salomo het daarna vir Hiram
20 stede in die land Galilea gegee.

12Hiram het gaan kyk na die stede wat Salomo vir hom gegee het, maar Hiram het
nie van die stede gehou nie.

13Hy het gesê: “My vriend, hoekom gee jy vir my hierdie stede? Hulle beteken niks.”
Die mense noem daardie plek nou nog “Nikswerd-land.”

14Hiram het 120 talente goud vir die koning gestuur.

Ander dinge wat Salomo gedoen het

(Kyk ook 2 Kron 8:2-16)

15Koning Salomo het mense baie hard laat werk om die tempel en sy paleis te bou.
Hy het ook die terras en die muur van Jerusalem en die stede Hasor, Megiddo en
Geser gebou.

16Salomo het die stad Geser gekry nadat die farao, die koning van Egipte, die stad
Geser oorwin en verbrand het. Hy het die Kanaäniete wat daar gewoon het,
doodgemaak en toe het hy die stad vir sy dogter gegee wat met Salomo getroud was.

17Salomo het die stede Geser en Bet-Goron-Onder weer gebou en ook

18die stede Baälat en Tamar in die woestyn, in die land Juda.

19Hy het ook die stede gebou waar hy sy goed gebêre het en die stede waar
sy oorlogkarre en sy ryperde was. Salomo het alles gebou wat hy wou bou in
Jerusalem en op die Libanon-berg en in die hele land waar hy koning was.

20Daar was nog stede waar mense gewoon het wat nie Israeliete was nie. Dit was die
stede waar die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete gewoon
het.

21Die Israeliete kon hulle nie almal doodmaak nie, en Salomo het hulle kinders wat
oorgebly het, laat kom om vir hom te werk, hulle het altyd sy slawe gebly.

© Bible Society of South Africa.

22Maar Salomo het gesê die Israeliete mag nie slawe word nie. Hulle was die manne wat oorlog moes maak en wat die koning moes oppas. Hulle was sy amptenare en offisiere en die hoofde van die soldate op die oorlogkarre en perde.

23Daar was 550 manne wat moes kyk dat Salomo se werkers goed werk.

24Salomo het die terras gebou nadat die farao se dogter uit die Dawidstad getrek het na die huis wat Salomo vir haar gebou het.

25Hy het drie maal elke jaar brand-offers en ete-offers gebring op die altaar wat hy vir die Here gebou het en hy het wierook-offers gebrand vir die Here. Dit was nadat hy die tempel klaar gebou het.

Salomo kry goud uit die land Ofir

(Kyk ook 2 Kron 8:17-18)

26Koning Salomo het skepe laat bou in Esjon-Geber. Dit was by die stad Elot langs die strand by die Riet-see, in die land Edom.

27Hiram het matrose gestuur wat die see goed geken het. Hulle was saam met die matrose van Salomo op die skepe.

28Hulle het na die land Ofir gegaan en hulle het vir koning Salomo 420 talente goud gebring.

1 Konings 10

Die koningin van Skeba kom na Salomo toe

(Ook 2 Kron 9:1-12)

1Die koningin van die land Skeba het gehoor dat die mense oor Salomo en oor die Here praat, en sy het gekom om te hoor of Salomo regtig so baie wysheid het.

2Sy het na Jerusalem gekom, en daar was baie mense saam met haar, ook kamele wat speserye en baie goud en duur edelstene gedra het. Sy het na Salomo toe gekom en sy het vir hom alles gevra wat sy wou vra.

3Koning Salomo het geweet hoe om alles te antwoord wat sy gevra het. Daar was nie een vraag wat vir hom te moeilik was nie.

4Toe die koningin van Skeba alles hoor wat hy sê en toe sy alles sien, was sy baie verbaas oor Salomo se wysheid. Sy het die tempel gesien wat hy gebou het,

5ook die kos op sy tafel en sy amptenare wat by die tafel sit, sy bediendes wat daar staan, die klere wat hulle aangetrek het, die manne wat wyn in die bekers gooi, en die brand-offer wat Salomo by die tempel offer.

6Sy het vir die koning gesê: “Ek het in my land gehoor van die dinge wat jy alles doen en ek het gehoor van jou wysheid. Dit is alles waar.

© Bible Society of South Africa.

7Ek het dit nie geglo nie, maar nou het ek gekom en ek het dit self gesien. En regtig, ek het nog nie alles gehoor nie, ek het minder as die helfte gehoor. Jy is ’n wyse man. Die mense het vir my vertel dat jy ryk is, maar ek sien nou dat jy baie ryk is.

8Die manne wat vir jou werk en wat altyd by jou is, is gelukkige mense, want hulle kan luister na die wyse dinge wat jy sê.

9Ek prys jou God die Here wat so baie van jou hou dat Hy jou koning laat word het oor Israel, Hy is altyd lief vir die volk. Hy het jou koning laat word om reg te doen en regverdig te wees.”

10Die koningin van Skeba het vir koning Salomo 120 talente goud gegee en baie speserye en edelstene. Daar het nooit weer so baie speserye in die land gekom nie.

11Die skepe van koning Hiram wat goud in Ofir gaan haal het, het ook baie jenewerhout en edelstene saamgebring.

12Die koning het die jenewerhout gebruik om tralies te maak in die tempel en in die paleis en ook om liere en harpe te maak vir die mense wat sing. Daar het nooit weer jenewerhout in die land gekom wat so mooi was nie. Tot vandag toe het niemand weer hout gesien wat so mooi is nie.

13Koning Salomo het vir die koningin van Skeba alles gegee wat sy wou hê, hy het alles gegee, alles wat sy gevra het. Hy het ook nog ander presente vir haar gegee, presente wat hy self besluit het om vir haar te gee. Sy en haar amptenare het toe teruggegaan na haar land.

Salomo was ryk en belangrik

(Kyk ook 2 Kron 9:13-28)

14Salomo het elke jaar 666 talente goud gekry.

15Hy het ook nog goud gekry van die mense wat deur sy land gegaan het, en van die handelaars, en van al die konings van Arabië, en van die goewerneurs in die land Israel.

16Hy het 200 groot skilde laat maak. Hulle het 600 sikkels goud vir elke skild gebruik.

17Hy het ook 300 klein skilde laat maak. Hulle het drie mines goud vir elke skild gebruik. Die koning het die skilde in die houthuis gesit.

18Hy het ook ’n groot troon laat maak van ivoor en hy het dit laat toemaak met skoon goud.

19Die troon het ses trappe gehad en die kopstuk was agter rond. Langs altwee kante van die sitplek was armleunings waar die koning se arms kon rus, en daar was twee leeus langs die armleunings.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Langs altwee kante van die ses trappe het twaalf leeus gestaan. Daar was nêrens in ’n ander land so ’n mooi troon nie.

21Al die bekers waaruit koning Salomo gedrink het, was van goud, en in die houthuis was al die bekers van fyn goud. In die tyd toe Salomo gelewe het, was silwer nie belangrik nie.

22Koning Salomo se skepe waarop die handelaars was, was op die see saam met die skepe van koning Hiram. Die skepe het elke drie jaar teruggekom. Die skepe was vol goud en silwer, ivoor, ape en bobbejane.

23Koning Salomo het ryker geword as al die konings van die aarde en hy het meer wysheid gehad as hulle.

24Mense het van oral gekom om vir Salomo te sien en om te luister na sy wysheid, die wysheid wat God vir hom gegee het.

25Die mense het almal presente saamgebring. Dit was silwergoed of goue goed of klere of wapens of speserye of perde of muile. Dit het elke jaar gebeur.

Salomo koop oorlogkarre en perde

(Kyk ook 2 Kron 1:14-17)

26Salomo het oorlogkarre en ryperde bymekaargemaak. Hy het 1 400 oorlogkarre en 12 000 ryperde gehad. Hy het party perde in die stede laat bly om die oorlogkarre te trek en hy het party perde by hom in Jerusalem laat bly.

27Die koning het so baie silwer gehad soos die klippe in Jerusalem en so baie sederhout soos die wildevyebome in die Laeveld.

28Salomo het perde uit Egipte en uit die land Kewe gekry. Sy handelaars het die perde in Kewe gaan koop.

29’n Oorlogkar van Egipte het 600 sikkels silwer gekos en ’n perd het 150 sikkels silwer gekos. Salomo het dit ook betaal vir die perde en oorlogkarre van die konings van die Hetiete en die Arameërs.

1 Konings 11

Salomo dien ander gode

1Koning Salomo was lief vir baie vroue van ander lande. Hy het getrou met die dogter van die farao en ook met Moabitiese vroue, Ammonitiese vroue, Edomitiese vroue, Sidoniese vroue en Hetitiese vroue.

2Die Here het vir die Israeliete gesê: “Julle moenie by daardie volke kom nie, en hulle moenie by julle kom nie, want hulle sal julle verlei om ander gode te dien.” Dit was die vroue vir wie Salomo lief was.

© Bible Society of South Africa.

3Hy het getrou met 700 vroue wat dogters van konings was en met 300 byvroue, en sy vroue het hom verlei.

4Toe Salomo oud geword het, het sy vroue hom verlei om ander gode te dien. Hy het toe nie meer sy God die Here met sy hele hart gedien soos sy pa Dawid gedoen het nie.

5Salomo het begin om vir Astarte te aanbid. Astarte was die godin van die Sidoniërs. Salomo het ook vir Milkom, die afgod van die Ammoniete, aanbid.

6Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het nie aangehou om die Here te dien soos sy pa Dawid nie.

7Hy het op die berg naby Jerusalem ’n offer-plek gebou vir Kemos, die afgod van die Moabiete, en vir Molek, die afgod van die Ammoniete.

8Hy het dit gedoen vir al sy vroue wat van ander lande gekom het, sodat hulle wierook kon brand en kon offer vir al hulle gode.

9Die Here het kwaad geword vir Salomo, want Salomo het opgehou om die Here te dien, Salomo het nie meer die God van Israel gedien nie, die God wat twee maal aan hom verskyn het.

10Die Here het vir Salomo gesê hy moenie ander gode begin dien nie, maar Salomo het nie gedoen wat die Here gesê het nie.

11Die Here het vir Salomo gesê: “Jy het verkeerd gedoen, jy is ongehoorsaam aan my verbond en jy het nie gedoen wat Ek in my wette vir jou gesê het nie. Daarom sal Ek jou land wegvat en Ek sal dit gee vir een van jou amptenare. Ek sal dit doen, dit is seker.

12Maar Ek was lief vir jou pa Dawid, en daarom sal Ek dit nie doen terwyl jy lewe nie.

13Ek sal die land wegvat van jou seun. Ek sal ook nie die hele land wegvat nie. Ek sal vir jou seun een stam laat oorbly omdat Ek lief was vir my dienaar Dawid en omdat Ek lief is vir Jerusalem, die stad wat Ek gekies het.”

Vyande van Salomo

14Die Here het iets laat gebeur sodat Hadad ’n vyand van Salomo geword het. Hadad was ’n Edomiet. Hy was van die koningsfamilie van die land Edom.

15In die tyd toe Dawid gelewe het, het die Israeliete oorlog gemaak teen die Edomiete. Joab, die hoof van die leër, het die manne gaan begrawe wat in die oorlog gesterf het. Joab het al die mans en die seuns in die land Edom doodgemaak.

16Joab en al die manne van Israel het ses maande lank daar gebly, en hulle het al die mans en die seuns doodgemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Maar Hadad en ’n paar manne van Edom het na Egipte gevlug. Die manne was amptenare van Hadad se pa. Hadad was ’n jong seun.

18Hadad en die manne het uit die land Midian gegaan en hulle het in die land Paran gekom. Hulle het manne van Paran saamgeneem en hulle het in Egipte gekom by die farao, die koning van Egipte. Die koning het vir Hadad ’n huis gegee en hy het gesê hoeveel kos Hadad moet kry. Hy het ook vir Hadad grond gegee.

19Die farao het baie gehou van Hadad en hy het vir hom ’n vrou gegee. Sy was die suster van koningin Tagpenes, die farao se vrou.

20Die suster van Tagpenes het ’n seun gekry. Die seun se naam was Genubat. Tagpenes het die seun, Genubat, in die paleis grootgemaak. Genubat was in die paleis tussen die farao se kinders.

21Hadad het daar in Egipte gehoor dat Dawid en Joab, die hoof van die leër, gesterf het. Hadad sê toe vir die farao: “Jy moet my laat gaan, ek wil teruggaan na my land.”

22Die farao het vir Hadad gesê: “Hoekom wil jy teruggaan na jou land? Ek het vir jou alles gegee wat jy moet hê.” Hadad het gesê: “Nee, jy moet my asseblief laat gaan.”

23Daar was nog iemand wat ’n vyand van Salomo geword het. Dit was Reson seun van Eljada. Die Here het dit so laat gebeur: Reson het weggevlug van sy koning, koning Hadad-Eser van die land Soba.

24Reson het ’n groep manne bymekaargemaak en hy was hulle leier. Toe Dawid die Arameërs begin doodmaak, het Reson na Damaskus gegaan en hy het daar gaan woon. Die mense van Damaskus het gesê hy moet hulle koning wees.

25Reson was ’n vyand van Israel terwyl Salomo gelewe het en hy het baie slegte dinge gedoen, soos Hadad. Reson was die koning van die Arameërs en hy het Israel gehaat.

Jerobeam vlug na Egipte

26Jerobeam seun van Nebat was ’n amptenaar van koning Salomo. Jerobeam het van Efrat in Sereda gekom en hy was die seun van Serua, ’n weduwee. Jerobeam het opstandig geword teen die koning.

27Dit is hoe dit gebeur het: Salomo het die terras laat bou en hy het ook die stukkende muur van die Dawidstad laat regmaak.

28Die jongman Jerobeam was ’n belangrike man, en Salomo het gesien die jongman kan goed werk. Toe kies Salomo hom om die hoof te wees van al die mense van die Josef-stamme wat vir die koning moes werk.

29Eendag het Jerobeam uit die stad Jerusalem gegaan, en die profeet Agija van Silo het hom langs die pad gekry. Agija het ’n nuwe bo-kleed aangehad en hulle twee was alleen in die veld.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30 Agija vat toe sy bo-kleed en skeur dit in twaalf stukke

31 en hy sê vir Jerobeam: “Neem vir jou tien stukke, want die Here, die God van Israel, sê: ‘Ek sal die land wegvat van Salomo en Ek sal vir jou tien stamme gee.

32 Salomo sal een stam hou omdat Ek lief was vir Dawid en omdat Ek lief is vir Jerusalem, die stad wat Ek gekies het van al die stede van die stamme van Israel.

33 Ek vat die land weg van Salomo en sy familie omdat hulle weggegaan het van My en gebuig het voor Astarte, die godin van die Sidoniërs, en voor Kemos, die god van die Moabiete, en voor Milkom, die god van die Ammoniete. Salomo het nie gelewe soos Ek wou hê nie en hy het nie die regte dinge gedoen waarvan Ek hou nie, die dinge wat Ek in my wette gesê het. Sy pa Dawid het dit gedoen, hy het reg gelewe.

34 Maar Ek sal nie die hele land wegvat van Salomo nie, hy sal aanhou regeer terwyl hy lewe. Ek sal dit doen omdat Ek lief was vir my dienaar Dawid wat Ek gekies het, hy het gedoen wat Ek in my wette gesê het.

35 Ek sal die land wegvat in die tyd wanneer Salomo se seun regeer en Ek sal die tien stamme vir jou gee.

36 Ek sal een stam vir sy seun gee sodat hy hulle koning kan bly, en sodat die lamp van die nageslag van my dienaar Dawid kan aanhou brand in Jerusalem, die stad wat Ek vir My gekies het om aan My te behoort.

37 Jerobeam, Ek sal jou neem, en jy sal koning wees oor alles wat jy graag wil hê, jy sal koning wees oor Israel.

38 Ek sal dit vir jou doen as jy gehoorsaam is en alles doen wat Ek vir jou sê, en as jy lewe soos Ek wil hê en die regte dinge doen waarvan Ek hou. As jy doen wat Ek in my wette gesê het, soos my dienaar Dawid gedoen het, dan sal Ek by jou wees en Ek sal vir jou ’n nageslag gee wat konings sal wees, soos Ek vir Dawid gegee het, en Ek sal Israel vir jou gee.

39 Ek sal die nageslag van Dawid verneder omdat hulle ongehoorsaam was, maar Ek sal nie vir altyd kwaad wees vir hulle nie.’ ”

40 Salomo wou vir Jerobeam laat doodmaak. Jerobeam het toe weggegaan en hy het na Egipte gevlug. Hy het na koning Sisak van Egipte gegaan en hy het daar gebly totdat Salomo gesterf het.

Salomo sterf

(Ook 2 Kron 9:29-31)

41 Al die ander dinge wat Salomo gedoen het, en sy wysheid, is geskryf in die dagboek van Salomo.

42 Salomo was 40 jaar lank koning in Jerusalem oor die hele Israel.

© Bible Society of South Africa.

43Salomo het gesterf, en hulle het hom begrawe in die stad van sy pa Dawid. Salomo se seun Rehabeam het koning geword ná Salomo.

1 Konings 12

Die mense van Israel word opstandig teen Rehabeam

(Ook 2 Kron 10:1-19)

1Rehabeam het na die stad Sigem gegaan, want al die Israeliete het daarnatoe gekom om hom koning te maak.

2Jerobeam seun van Nebat het dit gehoor. Hy was nog in die land Egipte, want hy het daarnatoe gevlug omdat hy bang was vir koning Salomo. Hy het daar gaan woon,

3maar die mense van Israel het hom laat roep, en hy het gekom. Jerobeam en die hele volksvergadering van Israel het met Rehabeam kom praat.

4Hulle het gesê: “Jou pa het ons baie hard laat werk. Jy moet ons nie so hard laat werk nie, dan sal ons vir jou werk.”

5Rehabeam het vir hulle gesê hulle moet eers weggaan en hulle moet oor drie dae terugkom. Hulle het toe weggegaan.

6Daar was amptenare wat vir Salomo gewerk het toe hy gelewe het. Koning Rehabeam het vir hulle gevra wat hy moet doen. Hy het vir hulle gevra: “Wat sê julle? Wat moet ek vir hierdie mense antwoord?”

7Hulle het vir hom gesê: “As jy vandag hierdie mense wil dien en jy doen wat hulle wil hê en jy gee vir hulle ’n goeie antwoord, dan sal hulle jou altyd dien.”

8Maar Rehabeam wou nie luister na wat hulle vir hom gesê het nie. Hy het toe vir die jongmanne gaan vra wat saam met hom grootgeword het en wat sy amptenare was.

9Hy het vir hulle gevra: “Wat sê julle? Wat moet ek vir hierdie mense antwoord? Hulle het vir my gevra dat ek hulle nie so hard moet laat werk soos hulle vir my pa moes werk nie.”

10Die jongmanne wat saam met Rehabeam grootgeword het, het vir hom gesê: “Hierdie mense het vir jou gesê dat jou pa hulle baie hard laat werk het, en jy moenie hulle so hard laat werk nie. Jy moet vir hulle sê: ‘My pinkie is dikker as my pa se lyf.

11Daarom, my pa het julle hard laat werk, maar ek sal julle nog harder laat werk. My pa het julle regeer met gewone swepe, ek sal julle regeer met swepe wat soos skerpioene byt.’ ”

12Rehabeam het voorheen vir die mense gesê hulle moet ná drie dae terugkom. Jerobeam en die hele volk het toe op die derde dag teruggekom na Rehabeam toe,

13en die koning het kwaai met hulle gepraat. Hy het nie geluister en gedoen wat die ouer leiers vir hom gesê het nie.

© Bible Society of South Africa.

14Hy het gedoen wat die jongmanne vir hom gesê het. Rehabeam het gesê: “My pa het julle hard laat werk, maar ek sal julle nog harder laat werk. Hy het julle regeer met gewone swepe, ek sal julle regeer met swepe wat soos skerpioene byt.”

15Die koning het nie geluister na die volk nie, want die Here het dit so laat gebeur. Die Here wou doen wat Hy vir Jerobeam seun van Nebat gesê het toe Hy vir Agija van Silo gestuur het.

16Toe al die mense van Israel sien die koning luister nie na hulle nie, het hulle vir die koning laat weet: “Ons is nie Dawid se familie nie, die seun van Isai was nie een van ons nie. Mense van Israel, gaan terug na julle tente! Dawid, nou moet jy jou eie huis oppas.” Die mense van Israel het toe teruggegaan na hulle tente.

17Rehabeam was toe koning net van die Israeliete wat in die stede van Juda gewoon het.

18Adoram was die hoof van die mense wat vir die koning moes werk. Koning Rehabeam het vir Adoram gestuur na die mense van Israel toe, maar hulle het vir Adoram doodgegooi met klippe. Koning Rehabeam moes vinnig op sy oorlogkar klim en na Jerusalem vlug.

19Dit is hoe die mense van Israel opstandig geword het teen die koningshuis van Dawid, en dit het so gebly tot nou toe.

Rehabeam wil oorlog maak teen Jerobeam

(Kyk ook 2 Kron 11:1-4)

20Toe al die mense van Israel hoor dat Jerobeam teruggekom het, het hulle hom laat roep na die vergadering van die leiers en hulle het hom koning gemaak van al die mense van Israel. Niemand het by die koningshuis van Dawid gebly nie, net die mense van die Juda-stam het by Rehabeam gebly.

21Rehabeam het na Jerusalem gekom en hy het al die manne van die Juda-stam en die Benjamin-stam bymekaargeroep. Hulle was 180 000 soldate wat hy spesiaal gekies het. Rehabeam seun van Salomo wou oorlog maak teen die mense van Israel, hy wou probeer om die land terug te kry.

22Maar God het vir Semaja, ’n man van God, gesê:

23“Jy moet praat met Rehabeam seun van Salomo, koning van Juda, en met die hele Juda-stam en die Benjamin-stam en die ander mense. Jy moet vir hulle sê:

24Die Here sê: Julle moenie gaan oorlog maak teen julle broers, die mense van Israel, nie. Julle moet teruggaan, elkeen na sy huis, want dit is Ek wat alles laat gebeur het.” Hulle het geluister na die boodskap van die Here en hulle het teruggegaan soos Hy gesê het.

Jerobeam laat kalfbeelde maak

© Bible Society of South Africa.

25Jerobeam het die stad Sigem in die Efraim-berge weer gebou en hy het daar gaan woon. Hy het later daar weggegaan en hy het die stad Pniël gaan bou.

26Hy het gedink: Miskien sal die mense van my land teruggaan na die koningshuis van Dawid.

27As hulle aanhou om offers te gaan bring in die tempel in Jerusalem, dan sal hulle weer aan hulle koning wil behoort, aan Rehabeam koning van Juda. Hulle sal my doodmaak en na Rehabeam toe teruggaan.

28Koning Jerobeam het toe vir sy raadgewers gevra wat hy moet doen, en hy het twee goue kalfbeelde laat maak. Hy het vir sy mense gesê: “Mense van Israel, julle het lank na Jerusalem gegaan, maar hier is nou julle gode wat vir julle uit die land Egipte gebring het.”

29Hy het die een kalfbeeld in die stad Bet-El gesit en die ander kalfbeeld in die stad Dan.

30Hierdie ding het die volk sonde laat doen. Hulle het saam met die kalfbeeld gegaan tot by Dan.

31Jerobeam het tempels by die offer-plekke laat bou en hy het priesters gekies en aangestel, die priesters was nie van die Levi-stam nie.

32Hy het ’n fees op die 15de dag van die agste maand laat vier, soos die fees in Juda. Hy het na die altaar in Bet-El gegaan en hy het offers gebring vir die kalfbeelde wat hy laat maak het. Hy het priesters gekies en aangestel vir die offer-plekke wat hy laat bou het.

‘n Man van God bring ’n boodskap

33Op die 15de dag van die agste maand het Jerobeam ’n offer gebring op die altaar wat hy in Bet-El laat bou het. Hy het self besluit dat die mense van Israel daardie dag moet feesvier.

1 Konings 13

1Toe Jerobeam op die altaar klim om te offer, het ’n man van God daar in Bet-El aangekom. Die man van God het van die land Juda gekom. Die Here het die man gestuur. Jerobeam het op die altaar gestaan om te offer,

2en die man van God het met die altaar gepraat. Hy het ’n boodskap van die Here gebring en gesê: “Altaar, altaar, die Here sê: ‘Luister na wat Ek sê: Daar sal ’n seun gebore word in die koningshuis van Dawid. Sy naam sal Josia wees. Die priesters van die offer-plekke brand wierook op jou, maar Josia sal daardie priesters hier op jou offer, en hulle sal mense se bene op jou verbrand.’ ”

3Die man van God het daardie dag gesê die Here sal hierdie teken gee: Die altaar sal oopbars, en die as sal op die grond val.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Toe koning Jerobeam hoor wat die man van God sê van die altaar in Bet-El, het hy
sy hand uitgesteek van bo-op die altaar en hy het gesê: “Gryp hom!” Maar die hand
wat hy uitgesteek het, het styf geword. Hy kon dit nie terugtrek nie.

5Die altaar het oopgebars, en die as het op die grond geval. Dit was die teken van die
Here soos die man van God gesê het.

6Die koning het vir die man van God gesê: “Praat asseblief mooi met jou God die
Here en bid vir my sodat ek my hand kan terugtrek.” Die man van God het dit
gedoen, en die koning se hand was weer reg. Dit was weer soos dit voorheen was.

7Die koning sê toe vir die man van God: “Kom eet saam met my, ek wil vir jou ’n
present gee.”

8Maar die man van God het vir die koning gesê: “Ek sal nie saam met jou kom nie,
ook nie as jy die helfte van jou paleis vir my gee nie. En ek sal nie in hierdie plek eet
of drink nie,

9want die Here het vir my gesê: ‘Jy moenie daar eet of drink nie en jy moenie op
dieselfde pad terugkom nie.’ ”

10Die man van God het op ’n ander pad teruggegaan. Hy het nie teruggegaan op die
pad waarop hy na Bet-El gekom het nie.

Die man van God sterf

11Daar het ’n ou profeet in Bet-El gewoon. Sy seuns het vir hom kom vertel wat
die man van God daardie dag in Bet-El gedoen het en wat hy vir die koning gesê het.

12Die ou profeet vra toe vir sy seuns op watter pad die man van God teruggegaan
het, want die seuns het gesien op watter pad die man van God teruggegaan het.

13Die ou profeet sê toe vir sy seuns hulle moet vir hom ’n donkie opsaal, en hy het op
die donkie geklim

14en gery om die man van God te gaan soek. Hy het die man van God gekry, die man
het onder ’n groot boom gesit. Die ou profeet het vir hom gevra: “Is jy die man van
God wat van Juda gekom het?” Die man van God het gesê: “Ja, ek is.”

15Die ou profeet sê toe vir hom: “Kom saam met my huis toe en kom eet iets.”

16Die man van God het vir die ou profeet gesê: “Ek mag nie saam met jou teruggaan
na jou huis nie, ek mag nie eet of drink in hierdie plek nie,

17want die Here het vir my gesê: ‘Jy moenie eet of drink nie en jy moenie teruggaan
op die pad waarop jy gekom het nie.’ ”

18Die ou profeet sê toe vir die man van God: “Ek is ook ’n profeet soos jy. ’n Engel
het vir my ’n boodskap van die Here gebring en gesê: ‘Jy moet die man van God

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

saambring na jou huis en jy moet vir hom kos gee om te eet en water om te drink.’ ”
Maar die ou profeet het vir die man van God gejok.

19Toe gaan die man van God saam met die ou profeet terug en hy het in sy huis
geëet en gedrink.

20Terwyl hulle by die tafel gesit het, het die Here gepraat met die ou profeet wat die
man van God laat terugkom het.

21Die profeet het gepraat met die man van God wat van Juda gekom het. Hy het
geskree en gesê: “Die Here sê: Jy was opstandig teen die Here, jy het nie gedoen wat
Hy vir jou gesê het nie!

22Hy het gesê jy moenie terugkom en eet en drink in hierdie plek nie, maar jy hét
teruggekom en dit gedoen. Daarom sal hulle jou lyk nie begrawe in die graf van
jou voorvaders nie.”

23Nadat die man van God klaar geëet en gedrink het, het die ou profeet wat hom laat
terugkom het, die man se donkie laat opsaal.

24Die man van God het toe daar weggegaan. Langs die pad het daar ’n leeu gekom en
hy het die man van God doodgemaak. Die man se lyk het op die pad gelê, en die
donkie en die leeu het by die lyk gestaan.

25Daar het mense verbygekom en hulle het gesien dat die man van God se lyk op die
pad lê en dat die leeu by die lyk staan. Hulle het dit gaan vertel in die stad waar die
ou profeet gewoon het.

26Die ou profeet wat die man van God laat omdraai het, het dit gehoor en hy het
gesê: “Dit is die man van God wat opstandig was teen die Here. Die Here het die leeu
na hom toe gestuur, en die leeu het hom verskeur en doodgemaak. Dit het gebeur
soos die Here vir hom gesê het.”

27Die ou profeet sê toe vir sy seuns hulle moet vir hom ’n donkie opsaal, en hulle het
dit gedoen.

28Hy het gegaan en hy het die lyk gekry waar dit op die pad lê. Die donkie en die leeu
het by die lyk gestaan. Die leeu het nie die lyk gevreet nie en hy het ook nie die
donkie doodgemaak nie.

29Die profeet het die lyk van die man van God opgetel en hy het dit op die donkie
gelaai. Hy het die lyk teruggebring na sy stad om oor die man van God te rou en om
hom te begrawe.

30Hy het die lyk in sy eie graf gesit en hy het oor hom gerou en gesê: “Ag, my broer.”

31Nadat hy hom begrawe het, het die profeet vir sy seuns gesê: “Wanneer ek sterf,
dan moet julle my begrawe in die graf waar ek die man van God begrawe het. Julle
moet my lyk by sy bene sit,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

32want die Here het hom gestuur, en die dinge sal gebeur wat hy gesê het teen die altaar in Bet-El en teen al die tempels by die offer-plekke in die stede van Samaria, dit is seker."

33Jerobeam het ná hierdie dinge nie opgehou om die slegte dinge te doen wat hy gedoen het nie. Hy het aangehou om priesters te kies en aan te stel, mense wat nie van die Levi-stam was nie. Hy het elkeen wat 'n priester wou wees, aangestel om priester te wees by die offer-plekke.

34Dit is die sonde wat die koningshuis van Jerobeam gedoen het, en dit is hoekom daar niemand van sy koningshuis is wat nou nog regeer nie.

1 Konings 14

Die Here sê Hy sal Jerobeam en die mense van Israel straf

1In daardie tyd het Jerobeam se seun Abija siek geword.

2Jerobeam het vir sy vrou gesê: "Jy moet jou gesig toemaak sodat mense nie kan weet jy is my vrou nie en jy moet na die stad Silo gaan. Dit is waar die profeet Agija woon, die profeet wat gesê het dat ek die koning sal word van hierdie volk.

3Jy moet tien brode neem en koekies en 'n kruik heuning en jy moet na hom toe gaan. Hy sal vir jou sê wat met die kind sal gebeur."

4Jerobeam se vrou het gedoen wat hy gesê het. Sy het gereedgemaak en na Silo gegaan en by die huis van Agija gekom. Agija was al baie oud, hy kon nie meer sien nie.

5Die Here het vir hom gesê: "Jerobeam se vrou het gekom om vir jou te vra wat sal gebeur met haar seun, want hy is siek. Jy moet vir haar sê wat Ek vir jou sê." Die vrou se gesig was toe,

6maar toe Agija hoor sy kom by die deur in, sê hy: "Kom in, vrou van Jerobeam. Hoekom is jou gesig toe? Ek het 'n slegte boodskap vir jou.

7Jy moet vir Jerobeam gaan sê: Die Here, die God van Israel, sê: Ek het vir jóú gekies van al die mense en Ek het jóú laat regeer oor my volk Israel.

8Ek het die land weggevat van die koningshuis van Dawid en Ek het dit vir jou gegee. Maar jy is nie soos my dienaar Dawid nie. Hy het My gedien met sy hele hart en hy het dinge gedoen waarvan Ek hou.

9Maar jy het slegter dinge gedoen as almal wat vóór jou koning was. Jy het vir jou ander gode en beelde gemaak. So het jy vir My hartseer gemaak en weggegaan van My.

10Daarom sal Ek dit nou sleg laat gaan met die koningshuis van Jerobeam. Ek sal al die mans en die seuns in die koningshuis van Jerobeam laat sterf, slawe en ook

© Bible Society of South Africa.

mense wat vry is in Israel. Soos ’n mens beesmis verbrand totdat dit as is, so sal Ek doen met die koningshuis van Jerobeam.

11Wanneer iemand van die nageslag van Jerobeam in die stad sterf, dan sal die honde hom opvreet, en wanneer iemand in die veld sterf, dan sal die voëls hom opvreet.

12En jy, Mevrou, staan op en gaan huis toe. Die kind sal sterf wanneer jy in die stad inkom.

13Die hele Israel sal oor hom rou en hulle sal hom begrawe. Hy is die enigste een van die nageslag van Jerobeam wat hulle in ’n graf sal begrawe, want die Here, die God van Israel, het gesien dat daar in die hele koningshuis van Jerobeam net in hierdie kind iets is wat goed is.

14Die Here sal self ’n koning laat kom wat almal in die koningshuis van Jerobeam sal doodmaak, en dit sal gou gebeur.

15Die Here sal op die mense van Israel afkom soos ’n watervloed wat riete laat bewe. Hy sal hulle weggooi uit hierdie goeie land wat Hy vir hulle voorvaders gegee het en Hy sal hulle na al die kante toe jaag tot anderkant die Eufraat-rivier. Hy sal dit doen omdat hulle gewyde pale gemaak het en so die Here kwaad gemaak het.

16Die Here sal Israel los omdat Jerobeam hierdie sonde gedoen het en omdat hy die mense van Israel sonde laat doen het.”

17Jerobeam se vrou het opgestaan en sy het teruggegaan na die stad Tirsa. Toe sy by die deur van die paleis kom, het die kind gesterf.

18Die mense van Israel het hom begrawe en hulle het almal oor hom gerou. Die Here het voorheen gesê sy dienaar die profeet Agija moet sê dat dit so sal gebeur.

Jerobeam sterf

19Al die ander dinge wat Jerobeam gedoen het, hoe hy oorlog gemaak het en hoe hy regeer het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

20Jerobeam was 22 jaar lank koning. Hy het gesterf, en sy seun Nadab het koning geword ná hom.

Rehabeam, koning van Juda

(Ook 2 Kron 12:13)

21Rehabeam seun van Salomo was koning in die land Juda. Hy was 41 jaar oud toe hy koning geword het en hy was 17 jaar lank koning in Jerusalem. Die Here het Jerusalem gekies van al die stede van die stamme van Israel. Die Here het Jerusalem gekies om aan Hom te behoort. Rehabeam se ma was Naäma, sy was ’n Ammonitiese vrou.

Die sondes van die mense van Juda

© Bible Society of South Africa.

22Die mense van Juda het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hulle het Hom baie kwaad gemaak omdat hulle daardie sondes gedoen het. Hulle het Hom meer kwaad gemaak as hulle voorvaders.

23Hulle het ook vir hulle offer-plekke gebou en klip-pale en gewyde pale ingeplant op elke hoë heuwel en onder elke groen boom.

24Daar was ook tempel-prostitute in die land. Die mense van Juda het verkeerde dinge gedoen, dinge wat die Here haat. Hulle het dieselfde dinge gedoen soos die ander volke. Die Here het daardie volke weggejaag om plek te maak vir die Israeliete.

Koning Sisak van Egipte het Jerusalem aangeval

(Kyk ook 2 Kron 12:9-12)

25In die vyfde jaar nadat Rehabeam koning geword het, het koning Sisak van Egipte Jerusalem aangeval.

26Hy het al die kosbare goed in die tempel en in die paleis gevat, ook die goue skilde wat Salomo laat maak het.

27Koning Rehabeam het skilde van brons laat maak in die goue skilde se plek, en hy het die skilde vir die hoofde van die wagte gegee wat voor die paleis waggestaan het.

28Elke maal wanneer die koning na die tempel gegaan het, dan het die wagte die skilde gedra. Daarna het hulle die skilde teruggebring na die wagte se kamer.

Rehabeam sterf

(Kyk ook 2 Kron 12:16)

29Al die ander dinge wat Rehabeam gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

30Daar was altyd oorlog tussen Rehabeam en Jerobeam.

31Rehabeam het gesterf en hulle het hom begrawe by sy voorvaders in die Dawidstad. Sy ma was Naäma, sy was ’n Ammonitiese vrou. Rehabeam se seun Abia het koning geword ná hom.

1 Konings 15

Abija, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 13:1-20)

1Abia het koning van Juda geword in die agtiende jaar nadat Jerobeam seun van Nebat koning geword het.

2Abia was drie jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Maäka dogter van Abisalom.

3Abia het dieselfde sondes gedoen wat sy pa vóór hom gedoen het. Hy het nie die Here met sy hele hart gedien soos sy voorvader Dawid nie.

© Bible Society of South Africa.

4Maar omdat die Here lief was vir Dawid, het die Here iemand uit Dawid se nageslag koning laat word in Jerusalem, sodat die lamp van Dawid se nageslag daar kon aanhou brand. Die mense van Jerusalem was veilig.

5Die Here het iemand uit Dawid se nageslag gekies omdat Dawid dinge gedoen het waarvan die Here hou en omdat hy sy hele lewe lank gehoorsaam was aan alles wat die Here gesê het. Hy het net een maal verkeerd gedoen toe hy Urija die Hetiet se vrou gevat het en vir Urija laat doodmaak het.

6Daar was altyd oorlog tussen Rehabeam en Jerobeam terwyl Rehabeam gelewe het.

Abia sterf

(Kyk ook 2 Kron 13:22; 14:1)

7Al die ander dinge wat Abia gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda. Daar was oorlog tussen Abia en Jerobeam.

8Abia het gesterf, en hulle het hom begrawe in die Dawidstad. Sy seun Asa het koning geword ná hom.

Asa, koning van Juda

9Asa het koning van Juda geword in die twintigste jaar nadat Jerobeam koning van Israel geword het.

10Asa was 41 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ouma was Maäka, dogter van Abisalom.

11Asa het dinge gedoen waarvan die Here hou, soos sy voorvader Dawid ook gedoen het.

12Asa het die tempel-prostitute uit die land laat wegjaag en hy het al die afgode laat wegvat wat sy voorvaders gemaak het.

13Hy het ook gesê sy ouma Maäka sal nie meer belangrik wees omdat sy ’n koning se ma is nie, want sy het ’n beeld laat maak van die godin Asjera. Asa het die beeld laat afkap en hy het dit laat verbrand in die Kedron-vallei.

14Die offer-plekke was nog daar, maar Asa het die Here met sy hele hart gedien terwyl hy gelewe het.

15Hy het die wydingspresente van sy pa, en ook sy eie wydingspresente in die tempel gesit. Dit was goud, silwer en gereedskap.

Asa maak ’n ooreenkoms met Ben-Hadad, koning van die Arameërs

16Daar was altyd oorlog tussen Asa en Baesa, koning van Israel.

17Baesa, koning van Israel, het vir Juda aangeval en hy het die stad Rama gebou en sterk gemaak, want hy wou keer sodat mense nie na koning Asa toe kan gaan en weer kan terugkom nie.

© Bible Society of South Africa.

18Asa het toe al die silwer en die goud geneem wat nog in die tempel en in die paleis was, en hy het dit vir boodskappers gegee om dit na Ben-Hadad te neem. Ben-Hadad was die seun van Tab-Rimmon seun van Gesjon, en hy was die koning van die Arameërs. Asa het vir hom hierdie boodskap gestuur:

19"Daar was 'n ooreenkoms tussen jou pa en my pa. So moet ek en jy ook 'n ooreenkoms maak. Ek stuur vir jou hierdie present, die silwer en die goud. Jy moet nou jou ooreenkoms met Baesa breek, dan sal hy weggaan uit my land."

20Ben-Hadad het gedoen wat koning Asa gevra het en hy het die hoofde van sy leër gestuur om die stede van Israel aan te val. Hulle het die stede Ijon, Dan, Abel en Bet-Maäka oorwin, en ook al die plekke in Gennesaret en die land Naftali.

21Toe Baesa dit hoor, het hy opgehou om die stad Rama te bou en sterk te maak, en hy het na die stad Tirsa teruggegaan.

22Koning Asa het al die mense van Juda laat roep. Hulle moes almal kom. Hulle het die klippe en die hout weggedra wat Baesa wou gebruik om die stad Rama te bou. Koning Asa het die stad Geba in die land Benjamin en die stad Mispa gebou met daardie klippe en hout.

Asa sterf

(Kyk ook 2 Kron 16:11-14; 17:1)

23Al die ander dinge wat Asa gedoen het, ook die belangrike dinge en die stede wat hy gebou het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda. Toe hy oud was, het hy siek geword, sy voete was baie seer.

24Hy het gesterf, en hulle het hom begrawe in die stad van sy voorvader Dawid. Asa se seun Josafat het koning geword ná hom.

Nadab, koning van Israel

25Nadab seun van Jerobeam het koning van Israel geword in die tweede jaar nadat Asa koning van Juda geword het. Nadab was twee jaar lank koning van Israel.

26Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Sy pa Jerobeam het die mense van Israel sonde laat doen, en Nadab het dieselfde gedoen, hy het dieselfde sondes gedoen wat sy pa gedoen het.

27Nadab en al die manne van Israel het die stad Gibbeton aangeval van al die kante. Die stad was in die land van die Filistyne. Baesa seun van Agija van die Issaskar-stam het saam met ander mense 'n plan gemaak teen Nadab, en hulle het hom doodgemaak.

28Dit was in die derde jaar nadat Asa koning van Juda geword het. Baesa het toe die koning van Israel geword ná Nadab.

29Nadat Baesa koning geword het, het hy begin om almal in die koningshuis van Jerobeam dood te maak. Hy het niemand van Jerobeam se nageslag laat aanhou

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

lewe nie. Dit alles het gebeur soos die Here voorheen vir sy dienaar Agija van Silo gesê het om vir die mense te sê.

30Dit het gebeur omdat Jerobeam daardie sondes gedoen het en omdat hy die mense van Israel sonde laat doen het. Jerobeam het die Here, die God van Israel, kwaad gemaak.

31Al die ander dinge wat Nadab gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

32Daar was altyd oorlog tussen Asa en koning Baesa van Israel.

Baesa, koning van Israel

33Baesa seun van Agija het koning van Israel geword in die derde jaar nadat Asa koning van Juda geword het. Baesa was 24 jaar lank koning in Tirsa.

34Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hy het gedoen wat Jerobeam gedoen het. Jerobeam het die mense van Israel sonde laat doen, en Baesa het nou dieselfde sondes gedoen.

1 Konings 16

1Die Here het vir Jehu seun van Ganani gesê hy moet vir Baesa sê:

2"Ek het jou uit die stof opgetel en Ek het jou laat regeer oor my volk Israel. Maar jy het gedoen soos Jerobeam gedoen het, jy het my volk Israel sonde laat doen, en hulle het My kwaad gemaak.

3Daarom sal Ek 'n vuur aansteek teen jou en teen jou koningshuis. Dit sal sleg gaan met jou koningshuis, so sleg soos met die koningshuis van Jerobeam.

4Wanneer iemand uit jou nageslag in die stad sterf, dan sal die honde hom opvreet, en wanneer iemand in die veld sterf, dan sal die voëls hom opvreet."

Baesa sterf

5Al die ander dinge wat Baesa gedoen het, ook die belangrike dinge, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

6Baesa het gesterf en hulle het hom begrawe in die stad Tirsa. Sy seun Ela het koning geword ná hom.

7Die Here het ook nog vir Jehu seun van Ganani gestuur om met Baesa en sy familie te praat oor al die dinge wat hy gedoen het. Die Here het nie gehou van die dinge wat hy gedoen het nie, dit het die Here kwaad gemaak. Hy was soos Jerobeam en hy het Jerobeam se hele nageslag vermoor.

Ela, koning van Israel

8Ela seun van Baesa het koning van Israel geword in die ses-en-twintigste jaar nadat Asa koning van Juda geword het. Ela was twee jaar lank koning in Tirsa.

© Bible Society of South Africa.

9 Ela se offisier Simri was die hoof van die helfte van Ela se oorlogkarre, en Simri het
saam met ander manne ’n plan gemaak teen Ela. Ela was besig om te drink en dronk
te word in die huis van Arsa, die hoof van die paleis in die stad Tirsa.

10 Simri het daarnatoe gegaan en hy het vir Ela doodgemaak. Dit was in die sewe-en-
twintigste jaar nadat Asa koning van Juda geword het. Simri het koning geword ná
Ela.

11 Nadat Simri koning geword het, het hy almal in die koningshuis van Baesa laat
doodmaak. Hy het nie een man of seun of iemand in die familie of ’n vriend van
Baesa laat lewe nie.

12 Dit het gebeur soos die Here voorheen vir die profeet Jehu gesê het om vir die
mense te sê.

13 Dit was oor die sondes wat Baesa en sy seun Ela gedoen het en oor wat hulle die
mense van Israel laat doen het. Hulle het die Here, die God van Israel, kwaad
gemaak, want hulle het afgode gedien.

14 Al die ander dinge wat Ela gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings
van Israel.

Simri, koning van Israel

15 Simri het koning van Israel geword in die sewe-en-twintigste jaar nadat Asa koning
van Juda geword het. Hy was sewe dae lank koning in Tirsa. Sy soldate was in die
kamp by die stad Gibbeton in die land van die Filistyne.

16 Die soldate het gehoor dat Simri saam met ander mense planne gemaak het en dat
hulle die koning vermoor het. Die soldate het toe daardie dag in die kamp vir Omri,
die hoof van die leër, koning gemaak van Israel.

17 Omri en al die manne van Israel het van Gibbeton na Tirsa gegaan en hulle het die
stad van al die kante aangeval.

18 Toe Simri sien dat hulle die stad oorwin, het hy gevlug tot agter die sterk mure van
die paleis. Hy het die paleis bo-oor hom aan die brand gesteek en hy het gesterf.

19 Dit het gebeur omdat Simri sonde gedoen het en dinge gedoen het waarvan die
Here nie hou nie. Hy het gedoen soos Jerobeam, hy het dieselfde sonde gedoen wat
Jerobeam gedoen het en wat Jerobeam die mense van Israel laat doen het.

20 Al die ander dinge wat Simri gedoen het en sy planne wat hy gemaak het, is geskryf
in die dagboeke van die konings van Israel.

Omri, koning van Israel

21 Daarna was die mense van Israel verdeel in twee groepe. Een helfte van die volk
het vir Tibni seun van Ginat gekies. Hulle wou hom koning maak. Die ander helfte van
die mense het vir Omri gekies.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Die mense wat vir Omri gekies het, was meer as die mense wat vir Tibni gekies het. Toe Tibni sterf, het Omri koning geword.

23Omri het koning van Israel geword in die een-en-dertigste jaar nadat Asa koning van Juda geword het. Hy was twaalf jaar lank koning, ses jaar lank in Tirsa.

24Omri het Samaria-berg van Semer gekoop. Hy het vir Semer twee talente silwer daarvoor betaal en hy het daar 'n stad gebou. Hy het die stad Samaria genoem, dit was die naam van die man aan wie die berg behoort het.

25Omri het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het slegter dinge gedoen as almal voor hom.

26Hy het alles gedoen wat Jerobeam seun van Nebat gedoen het, al die sondes wat Jerobeam gedoen het en alles wat hy die mense van Israel laat doen het. Hulle het die Here, die God van Israel, kwaad gemaak, want hulle het afgode gedien.

Omri sterf

27Al die ander dinge wat Omri gedoen het, ook die belangrike dinge wat hy gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

28Omri het gesterf, en hulle het hom begrawe in Samaria. Sy seun Agab het koning geword ná hom.

Agab, koning van Israel

29Agab seun van Omri het koning van Israel geword in die ag-en-dertigste jaar nadat Asa koning van Juda geword het. Agab was 22 jaar lank in Samaria koning van Israel.

30Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het slegter dinge gedoen as almal voor hom.

31Hy het die sondes gedoen wat Jerobeam seun van Nebat gedoen het, en hy het ook getrou met Isebel, dogter van Etbaäl, koning van die Sidoniërs, en hy het vir Baäl gedien en voor hom gebuig.

32Agab het vir Baäl 'n altaar gebou by die tempel wat hy in Samaria vir Baäl gebou het.

33Hy het ook 'n gewyde paal ingeplant. Hy het meer sondes gedoen as al die konings van Israel vóór hom, sondes wat die Here, die God van Israel, kwaad gemaak het.

34In Agab se tyd het Giël van Bet-El die stad Jerigo weer gebou. Toe hy die fondamente van die stad bou, het sy oudste seun Abiram gesterf, en toe hy die deure in die poorte insit, het sy jongste seun Segub gesterf. Dit het gebeur soos die Here voorheen vir Josua seun van Nun gesê het om vir die mense te sê.

1 Konings 17

Dit reën nie in die land Israel nie

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

1Die profeet Elia van Tisbe het nie self grond gehad nie, hy het in Gilead by ander mense gewoon. Hy het vir Agab gesê: “Daar sal hierdie jaar nie reën of dou wees nie. Dit sal net reën of dou as ek so sê. Dit is so seker soos die Here lewe, die God van Israel vir wie ek werk.”

Elia in die Krit-vallei

2Daarna het die Here vir Elia gesê:

3“Jy moet hier weggaan. Gaan oos, oor die Jordaan-rivier, en gaan kruip weg in die Krit-vallei.

4Jy kan water drink uit die stroom in die vallei, en Ek het vir die kraaie gesê hulle moet vir jou kos bring.”

5Elia het gegaan en hy het gedoen wat die Here vir hom gesê het. Hy het in die Krit-vallei anderkant die Jordaan-rivier gaan bly.

6Die kraaie het elke oggend en elke aand brood en vleis vir hom gebring, en hy het water uit die stroom in die vallei gedrink.

Elia in Sarfat

7Dit het nie gereën nie, en daar was later nie meer water in die Krit-vallei nie.

8Toe het die Here vir Elia gesê:

9“Jy moet gereedmaak en na die stad Sarfat gaan in die land van die Sidoniërs. Jy moet daar gaan bly. Ek het vir ’n weduwee daar gesê sy moet vir jou kos gee.”

10Elia het gereedgemaak en na Sarfat gegaan. Toe hy by die poort van die stad kom, was ’n weduwee daar besig om hout bymekaar te maak. Hy het haar geroep en gevra: “Gee asseblief vir my ’n bietjie water in ’n beker sodat ek dit kan drink.”

11Toe sy gaan om die water te gaan haal, skree hy vir haar: “Bring asseblief ook vir my ’n stukkie brood saam.”

12Sy het gesê: “So seker soos jou God die Here lewe, ek het niks wat gaar is nie. Ek het nog net ’n handvol meel in ’n kruik en ’n bietjie olyf-olie in ’n bottel. Wanneer ek klaar ’n paar stukkies hout bymekaargemaak het, dan gaan ek vir my en my seun iets maak om te eet. Daarna sal ons sterf.”

13Elia het vir haar gesê: “Jy moenie bekommerd wees nie. Gaan doen wat jy wil doen, maar maak eers vir my ’n klein broodjie gaar, daarna kan jy vir jou en jou seun brood gaarmaak.

14Die Here, die God van Israel, het gesê: Die kruik waarin die meel is, sal nie leeg word nie, en daar sal genoeg olyf-olie in die oliebottel wees tot die dag wanneer die Here dit weer laat reën in die land.”

15Die weduwee het gegaan en gedoen wat Elia gesê het en sy het elke dag kos gehad om te eet, sy en Elia en haar huisgesin.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Die meelkruik het nie leeg geword nie en daar was altyd olyf-olie in die oliebottel, soos die Here gesê het Elia moet sê.

17Later het die seun van die weduwee siek geword, die weduwee aan wie die huis behoort het. Hy was baie siek en hy het gesterf.

18Die weduwee het vir Elia gesê: “ Man van God, wat het ek verkeerd gedoen aan jou? Hoekom doen jy dit aan my? Het jy na my toe gekom sodat my seun moet sterf omdat ek sonde gedoen het?”

19Hy het vir haar gesê: “Gee jou seun vir my.” Elia het die seun uit haar arms geneem en hy het die seun na die bo-kamer gedra. Elia het daar gewoon. Hy het die seun op sy bed neergesit

20en hy het tot die Here gebid en gesê: “My God die Here, wil U dit sleg laat gaan met hierdie weduwee? Sy het gesê ek mag hier woon, en nou het U haar seun laat sterf.”

21Toe gaan lê Elia drie maal op die kind en hy bid tot die Here en hy sê: “My God die Here, laat asseblief hierdie kind se lewe terugkom in hom.”

22Die Here het gedoen wat Elia gevra het. Die lewe van die kind het teruggekom in hom en hy het weer begin lewe.

23Elia het die kind ondertoe gedra in die huis in. Hy het die kind vir sy ma gegee en vir haar gesê: “Hier is jou kind, hy lewe.”

24Die vrou het vir Elia gesê: “Nou weet ek jy is regtig ’n man van God. Die dinge wat die Here sê jy moet sê, is die waarheid.”

1 Konings 18

Elia en die profete van Baäl

1Dit het ’n lang tyd nie gereën nie. Die Here het ná drie jaar vir Elia gesê: “Jy moet gaan sodat koning Agab jou kan sien. Ek wil dit laat reën in die land.”

2Elia het gegaan sodat Agab hom kon sien. Daar was hongersnood in die land Samaria.

3Agab het vir Obadja, die hoof van die paleis, geroep. Obadja het die Here altyd gedien.

4Toe Isebel die profete van die Here doodgemaak het, het Obadja 100 profete weggesteek in twee grotte, 50 profete in elke grot, en hy het vir hulle kos en water gegee.

5Agab het vir Obadja gesê: “Jy moet gaan na al die fonteine en al die valleie, miskien kry jy gras sodat die perde en die muile kan aanhou lewe. As julle dit nie doen nie, dan sal ons party van die diere moet doodmaak.”

© Bible Society of South Africa.

6Agab en Obadja het die land tussen hulle verdeel. Agab het alleen op een pad
gegaan en Obadja het alleen op ’n ander pad gegaan.

7Obadja kry toe vir Elia op die pad, en hy het gesien wie dit is. Hy het gebuig en met
sy gesig teen die grond gaan lê en gevra: “Meneer Elia, is dit jy?”

8Elia het vir hom gesê: “Ja, dit is ek. Gaan sê vir jou meneer ek is hier.”

9Toe sê Obadja: “Watter sonde het ek gedoen? Hoekom wil jy hê Agab moet my
doodmaak?

10So seker soos jou God die Here lewe, my meneer het mense na elke volk en land
gestuur om jou te soek. Wanneer die mense gesê het jy is nie daar nie, dan moes
hulle belowe en sê die Here is die getuie dat hulle jou nie kan kry nie.

11En nou sê jy: ‘Gaan sê vir jou meneer dat Elia hier is.’

12As ek nou weggaan van jou, en die Gees van die Here neem jou weg na ’n ander
plek en ek weet nie waar jy is nie, wat sal dan met my gebeur? As ek vir Agab gaan
vertel jy is hier, en hy kry jou nie hier nie, dan sal hy my doodmaak. Jy moet weet ek
dien die Here vandat ek jonk was.

13Het jy gehoor wat ek gedoen het? Toe Isebel die profete van die Here begin
doodmaak het, het ek 50 profete in een grot en 50 profete in ’n ander grot
weggesteek en ek het vir hulle kos en water gegee.

14En nou sê jy ek moet vir my meneer gaan sê dat Elia hier is. Wil jy hê hy moet my
doodmaak?”

15Elia het vir Obadja gesê: “So seker soos die Here lewe, die Here wat oor alles
regeer, die God vir wie ek werk, jy moenie bekommerd wees nie, Agab sal my vandag
sien.”

16Obadja het dit vir Agab gaan vertel, en Agab het gekom om vir Elia te ontmoet.

17Toe hy vir Elia sien, sê hy: “Is dit jy, jy wat die dood in die land Israel bring?”

18Elia het vir Agab gesê: “Dit is nie ék wat die dood in die land Israel bring nie. Jý en
jóú familie het dit gedoen toe julle opgehou het om gehoorsaam te wees aan die
wette van die Here en toe julle die Baäls begin dien het.

19Maar nou, stuur boodskappers en sê al die leiers van Israel moet bymekaarkom
op Karmel-berg, en ook die 400 profete van Baäl en die 400 profete van Asjera wat
kos kry by Isebel.”

20Agab het boodskappers gestuur na al die Israeliete toe en hy het die profete laat
bymekaarkom op Karmel-berg.

21Elia het naby al die mense van Israel kom staan en gevra: “Hoe lank wil julle wag
voordat julle besluit vir wie julle wil dien? As die Here God is, dan moet julle Hóm

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

dien. Of, as Baäl God is, dan moet julle hóm dien." Die mense het hom nie geantwoord nie, hulle het stilgebly.

22Toe sê Elia vir die mense: "Ek het alleen oorgebly van al die profete van die Here, maar daar is 450 profete van Baäl.

23Gee vir ons twee bulle. Die profete van Baäl moet vir hulle een bul kies. Hulle moet dit in stukke sny en op die hout op die altaar neersit, maar hulle moenie dan vuur op die altaar begin maak nie. Ek sal dieselfde doen met die ander bul. Ek sal dit op die hout sit en ek sal nie vuur op die altaar maak nie.

24Dan moet die profete van Baäl tot hulle god bid, en ek sal tot die Here bid. Die god wat met vuur antwoord en wat die hout op die altaar laat brand, Hý is God." Al die mense het geantwoord: "Dit is goed."

25Toe sê Elia vir die profete van Baäl: "Kies vir julle een bul en maak hom eerste gereed, want julle is baie. Julle moet tot julle god bid, maar julle moenie vuur op die altaar maak nie."

26Die profete van Baäl het die bul geneem wat Elia vir hulle gegee het. Hulle het dit gereedgemaak en hulle het tot Baäl gebid. Hulle het van die oggend tot die middag aangehou bid en gesê: "Baäl, help ons." Maar niks het gebeur nie, niemand het geantwoord nie. Die profete van Baäl het nie geweet wat om te doen by die altaar wat hulle gemaak het nie.

27Toe dit middag word, het Elia hulle gespot en gesê: "Julle moet harder skree, want Baäl is 'n god. Miskien is hy besig om te dink, of miskien is hy in die toilet, of miskien het hy gaan stap. Miskien slaap hy en iemand moet hom gaan wakker maak."

28Die profete het hard geskree en hulle het gedoen wat hulle altyd gedoen het wanneer hulle ge-offer het: Hulle het hulleself stukkend gesny met swaarde en spiese totdat hulle rooi van die bloed was.

29Die middag het verbygegaan. Hulle het aangehou bid tot laat die middag. Dit was die tyd wanneer die priesters altyd die koring-offer gebring het. Maar daar het niks gebeur nie, niemand het geantwoord nie, Baäl het nie gehoor nie.

30Toe het Elia vir al die mense gesê: "Kom nader na my toe." Hulle het nader gekom. Elia het die altaar van die Here wat stukkend was, weer reggemaak.

31Hy het twaalf klippe geneem, een vir elke stam, die nageslag van die seuns van Jakob. Jakob was die man vir wie die Here gesê het: "Jou naam sal Israel wees."

32Elia het die klippe in die altaar van die Here ingebou. Rondom die altaar het Elia 'n sloot gegrawe. Die sloot was so diep dat dit twee sea saad kon hou.

33Daarna het hy die hout reggesit en die bul in stukke gesny en bo-op die hout gesit.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34Toe sê Elia: “Julle moet vier kruike vol water maak en dit oor die brand-offer en
die hout uitgooi.” Elia het gesê hulle moet dit weer doen, en toe ook ’n derde maal.

35Die water het oor die altaar geloop en dit het ook die sloot volgemaak.

36Laat die middag, toe dit tyd was om die koring-offer te bring, het die profeet Elia by
die altaar gaan staan en hy het gesê: “Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat
almal vandag sien dat U die God in die land Israel is. Laat almal ook sien dat ek
u dienaar is, en dat dit U is wat vir my gesê het ek moet al hierdie dinge doen.

37Antwoord my, Here, antwoord my, sodat hierdie mense kan weet dat U, die Here,
God is, en dat dit U is wat hulle harte verander.”

38Daar het toe vuur van die Here afgekom. Dit het die brand-offer en die hout en die
klippe en die grond alles verbrand. Daar was nie meer water in die sloot nie, die sloot
het droog geword.

39Toe die mense dit sien, het hulle almal gebuig, hulle gesigte was teen die grond.
Hulle het gesê: “Die Here, Hy is God! Die Here, Hy is God!”

40Elia het vir hulle gesê: “Vang die profete van Baäl, julle moenie dat een van hulle
wegkom nie!” Hulle het die profete gevang, en Elia het die profete laat bring na die
Kison-rivier. Daar het hy hulle doodgemaak.

41Toe het Elia vir Agab gesê: “Jy moet gaan eet, want ek hoor al klaar hoe val die
reën.”

42Agab het gaan eet, en Elia het tot bo-op Karmel-berg geklim. Daar het hy gebuig
tot teen die grond en hy het sy kop tussen sy knieë gesit.

43Hy het vir die jongman by hom gesê: “Gaan asseblief op en gaan kyk na die see.”
Die jongman het hoër opgegaan en gekyk en gesê: “Daar is niks.” Elia het gesê die
jongman moet weer gaan kyk, sewe maal.

44En toe die jongman dit die sewende maal gedoen het, het hy kom sê: “Daar kom ’n
klein wolkie op uit die see, die wolkie is so groot soos ’n man se hand.” Toe sê Elia:
“Gaan sê vir Agab hy moet sy perde inspan en afgaan. As hy dit nie doen nie, dan sal
die reën hom keer en hy sal nie kan wegkom nie.”

45Terwyl Elia gepraat het, het die lug swart geword van die wolke en daar was wind
en baie reën. Agab het op sy wa geklim en hy het na die stad Jisreël gegaan.

46Maar die Here het vir Elia sterk gemaak. Elia het sy klere vasgebind en hy het voor
Agab gehardloop tot by Jisreël.

1 Konings 19

Elia by Horeb-berg

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Agab het vir Isebel alles vertel wat Elia gedoen het, ook dat hy al die profete van
Baäl doodgemaak het.

2Toe stuur Isebel vir Elia ’n boodskap en sê: “Ek bid dat die gode my sal help sodat
ek môre hierdie selfde tyd met jou sal gedoen het wat jy met die profete van Baäl
gedoen het.”

3Elia het bang geword. Hy het gereedgemaak en gevlug, sodat Isebel hom nie kan
doodmaak nie. Toe hy by die stad Berseba kom, het hy en die jongman by hom daar
gerus.

4Daarna het hy alleen ’n hele dag lank verder in die woestyn in geloop. Hy het daar
onder ’n besembos gaan sit en hy het gewens hy sterf. Hy het gesê: “Here, dit is nou
genoeg. U moet my laat sterf, want ek is nie beter as my voorvaders nie.”

5Elia het gaan lê, en hy het onder die besembos aan die slaap geraak. Toe kom daar
’n engel en die engel raak aan hom en sê vir hom: “Jy moet opstaan en eet.”

6Toe Elia kyk, sien hy by sy kop ’n gaar roosterkoek en ’n kruik water. Hy het geëet
en gedrink en weer gaan lê.

7Maar toe raak die engel weer aan hom en hy sê: “Jy moet opstaan en eet. As jy dit
nie doen nie, dan sal jy nie die hele pad kan loop nie.”

8Elia het toe opgestaan en geëet en gedrink. En daardie kos het hom so sterk gemaak
dat hy 40 dae en 40 nagte lank geloop het tot by Horeb, die berg van God.

9Daar het hy by ’n grot gekom en gaan slaap. Toe hoor hy die Here vra vir hom: “Elia,
wat doen jy hier?”

10Elia het gesê: “Ek het baie hard gewerk vir die Here, die God wat oor alles regeer,
maar die Israeliete het nie gedoen wat U in u verbond gesê het nie. Hulle het
u altare afgebreek en hulle het u profete doodgemaak, ek het alleen oorgebly. En
nou wil hulle my ook doodmaak.”

11Toe sê die Here: “Gaan uit en gaan staan op die berg voor My.” En toe kom die
Here daar verby. Daar was ’n sterk wind, dit het die berg geskud en die rotse gebreek
voor die Here. Maar die Here was nie in die wind nie. En ná die wind was daar ’n
aardbewing. Maar die Here was nie in die aardbewing nie.

12En ná die aardbewing was daar ’n vuur. Die Here was ook nie in die vuur nie. En ná
die vuur het Elia iets gehoor soos wanneer iemand baie sag praat.

13Toe hy dit hoor, het hy sy gesig toegemaak met sy bo-kleed. Hy het uitgegaan en
hy het voor die grot gaan staan. En daar hoor hy toe ’n stem wat vra: “Elia, wat doen
jy hier?”

14Elia het gesê: “Ek het baie hard gewerk vir die Here, die God wat oor alles regeer,
maar die Israeliete het nie gedoen wat U in u verbond gesê het nie. Hulle het u altare

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

afgebreek en hulle het u profete doodgemaak, ek het alleen oorgebly. En nou wil hulle my ook doodmaak."

15Toe sê die Here vir hom: "Gaan terug op dieselfde pad. Jy moet gaan tot in die woestyn van Damaskus, en wanneer jy daar kom, dan moet jy vir Gasael salf om koning te wees van die Arameërs.

16En jy moet vir Jehu seun van Nimsi salf om koning te wees van Israel. En jy moet vir Elisa seun van Safat van die stad Abel-Megola salf om profeet te wees in jou plek.

17Gasael sal begin om mense dood te maak, en Jehu sal die mense doodmaak wat vry weggekom het van Gasael. Elisa sal die mense doodmaak wat vry weggekom het van Jehu.

18Maar Ek sal in die land Israel 7 000 mense laat oorbly wat nie hulle knieë gebuig het voor Baäl nie. Hulle het hom nie aanbid en gesoen nie."

19Elia het weggegaan van Horeb-berg en hy het vir Elisa seun van Safat gekry. Elisa was besig om te ploeg. Daar was twaalf ploeë, twee beeste het elke ploeg getrek. Elisa was by die agterste ploeg. Toe Elia daar verbykom, gooi hy sy bo-kleed oor Elisa.

20Elisa het die beeste gelos en agter Elia gehardloop en vir hom gesê: "Ek wil eers my pa en my ma gaan groet, dan sal ek kom en saam met jou gaan." Elia het vir hom gesê: "Jy mag gaan, ek sal jou nie keer nie."

21Elisa het teruggegaan. Hy het twee beeste geneem en hy het hulle geslag. Hy het die vleis gaargemaak met die hout van die jukke. Hy het die vleis vir sy mense gegee, en toe hulle klaar geëet het, het hy gereedgemaak en saam met Elia gegaan. Elisa het Elia se helper geword.

1 Konings 20

Koning Agab wen 'n oorlog teen koning Ben-Hadad

1Koning Ben-Hadad van Aram het al sy soldate laat bymekaarkom. Daar was 32 Konings saam met hom, en hy het oorlogkarre en perde gehad. Hy het gegaan en hy het sy tente rondom die stad Samaria opgeslaan.

2Toe stuur hy boodskappers na die stad, na koning Agab van Israel toe

3om vir hom te sê: "Ben-Hadad sê: Jou silwer en jou goud is myne, en jou vroue en jou beste seuns is ook myne."

4Die koning van Israel het geantwoord en gesê: "Goed, Meneer die koning, ek en alles wat ek het, is joune."

5Maar die boodskappers het later weer na Agab teruggekom en gesê: "Ben-Hadad sê: Ek het vir jou 'n boodskap gestuur en gesê jy moet jou silwer en jou goud en jou vroue en jou seuns vir my gee,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6maar ek sal môre hierdie selfde tyd my offisiere na jou toe stuur, en hulle sal oral in jou paleis en in die huise van jou amptenare soek. Hulle sal alles vat en saambring, alles wat vir jou kosbaar is."

7Toe roep die koning van Israel al die leiers van die land en hy sê vir hulle: "Julle moet hoor, julle moet dit weet. Hierdie man wil vir my probleme gee. Hy het vir my gevra dat ek my vroue en my seuns, my silwer en my goud vir hom moet gee, en ek het nie geweier nie."

8Al die leiers en al die mense het vir die koning gesê: "Jy moenie na hom luister nie, jy moenie doen wat hy vra nie."

9Toe sê die koning vir die boodskappers van Ben-Hadad: "Sê vir meneer die koning: Ek sal alles doen wat jy die eerste maal vir my gevra het, maar wat jy nou vra, kan ek nie doen nie." Die boodskappers het vir Ben-Hadad gaan sê wat Agab sê.

10Ben-Hadad stuur toe weer vir Agab 'n boodskap. Hy het gesê: "Ek bid dat die gode my sal help. Ek sal Samaria so verwoes dat daar net stof sal oorbly, en die stof sal nie genoeg wees vir al die manne saam met my om dit met hulle hande weg te dra nie."

11Die koning van Israel het geantwoord: "Iemand wat 'n oorlog wil begin, moenie spog nie, hy moet wag totdat die oorlog verby is."

12Ben-Hadad en die ander konings was besig om te drink in die tente. Toe hy die boodskap van Agab kry, het hy vir sy offisiere gesê: "Julle moet gereedmaak." Hulle het toe gereedgemaak om die stad aan te val.

13En toe kom daar 'n profeet by Agab, die koning van Israel. Die profeet het gesê: "Die Here sê: Sien jy hierdie groot klomp mense? Ek sal jou vandag laat wen teen hulle, dan sal jy weet dat Ek die Here is."

14Toe vra Agab: "Met wie sal die Here dit doen?" En die profeet sê: "Die Here sê: Ek sal dit doen met die jongmanne van die distrikshoofde." Agab vra toe wie die oorlog moet begin, en die Here antwoord: "Jy."

15Agab het die jongmanne van die distrikshoofde laat tel en laat gereedstaan. Hulle was 232 manne. Daarna het hy al die manne van Israel laat tel en laat gereedstaan. Hulle was 7 000 manne.

16Hulle het in die middel van die dag uit die stad gegaan. Ben-Hadad was besig om te drink en dronk te word in die tente, hy en die 3**2 Konings** wat sy bondgenote was.

17Die jongmanne van die distrikshoofde het eerste gegaan. Ben-Hadad het manne gestuur om uit te vind wat gebeur, en sy manne het vir hom kom sê: "Daar het manne uit Samaria gekom."

© Bible Society of South Africa.

18Ben-Hadad sê toe: “As hulle nie gekom het om oorlog te maak nie, dan moet julle hulle lewendig vang. En as hulle gekom het om oorlog te maak, dan moet julle hulle ook lewendig vang.”

19Die jongmanne van die distrikshoofde het uit die stad gekom, en die ander manne was agter hulle.

20Elke man van Agab, die koning van Israel, het die man oorwin wat teen hom geveg het, en die Arameërs het gevlug. Die Israeliete het hulle gevolg en gejaag. Maar Ben-Hadad koning van Aram het op ’n perd gevlug saam met die manne wat op perde gery het.

21Die koning van Israel het uit die stad gegaan en hy het die oorlog gewen teen Ben-Hadad se manne op die perde en op die oorlogkarre. Hy het ver gewen teen die Arameërs.

Agab wen weer teen Ben-Hadad maar hy laat hom vry weggaan

22Die profeet het daarna weer by Agab gekom en hy het vir Agab gesê: “Jy moet nou meer soldate kry en jy moet goeie planne maak, want naby die einde van die jaar sal die koning van Aram jou weer kom aanval.”

23Die offisiere van Ben-Hadad, die koning van Aram, het vir hom gesê: “Die gode van die Israeliete is berg-gode, daarom was hulle te sterk vir ons. Dit sal beter wees as ons op gelyk grond oorlog maak teen hulle, dan sal ons sterker wees as hulle.

24Dit is wat jy moet doen: Jy moet die konings uitskop en jy moet goewerneurs in hulle plekke kies en aanstel.

25Jy moet self weer manne kies in die plek van jou manne wat gesterf het en jy moet perde en oorlogkarre kry soos jy gehad het. Ons moet op gelyk grond oorlog maak teen hulle, dan sal ons sterker wees as hulle.” Ben-Hadad het na hulle geluister en hy het dit gedoen.

26Naby die einde van die jaar het Ben-Hadad gesê die Arameërs moet gereedmaak om oorlog te maak. Hulle het na die stad Afeka gegaan om oorlog te maak teen Israel.

27Die Israeliete het ook gereedgemaak en hulle het genoeg kos saamgeneem. Hulle het gegaan om die Arameërs te ontmoet. Die Israeliete het hulle tente opgeslaan oorkant die Arameërs se tente. Die tente was soos twee troppe bokke. Die Arameërs was oral in die land.

28En toe kom ’n man van God by die koning van Israel en hy sê vir hom: “Die Here sê: Die Arameërs het gesê dat Ek ’n berg-god is, nie ’n god van gelyk plekke nie. Daarom sal Ek jou laat wen teen hierdie baie soldate, en jy sal weet dat Ek die Here is.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

29Die twee groepe soldate het sewe dae lank oorkant mekaar in hulle tente gebly.
Op die sewende dag het die oorlog begin, en die Israeliete het op een dag 100 000
Arameërs doodgemaak. Dit was voetsoldate.

30Die Arameërs wat oorgebly het, het in die stad Afeka in gevlug, maar toe het die
muur van die stad omgeval op die 27 000 manne wat oorgebly het. Ben-Hadad het in
die stad van die een kamer na die ander kamer gevlug.

31Sy offisiere het vir hom gesê: “Luister asseblief, ons het gehoor dat die konings van
Israel genadig is. Ons moet rouklere aantrek en toue om ons koppe bind en ons
moet na die koning van Israel toe gaan. Miskien sal hy jou nie doodmaak nie.”

32Hulle trek toe rouklere aan en hulle bind toue om hulle koppe en hulle gaan na die
koning van Israel toe en hulle sê vir hom: “Jou slaaf Ben-Hadad vra: ‘Jy moet my
asseblief nie doodmaak nie.’ ” En toe vra Agab: “Lewe Ben-Hadad nog? Hy is my
broer!”

33Die manne het gesien Agab is vriendelik, en hulle het dadelik gesê: “Ja, Ben-Hadad
is jou broer.” Agab het gesê: “Gaan haal hom.” Toe Ben-Hadad by hom kom, het
Agab gesê hy moet by hom op die oorlogkar klim.

34Ben-Hadad het vir Agab gesê: “Agab, ek gee die stede terug wat my pa van jou pa
gevat het, en jy kan vir jou plekke in die strate van Damaskus maak om goed te koop
en te verkoop, soos my pa in Samaria gedoen het.” Agab het vir Ben-Hadad gesê hy
sal hom vry laat weggaan as hy ’n ooreenkoms met hom maak. Ben-Hadad het dit
gedoen, en Agab het hom laat gaan.

‘n Profeet sê vir Agab die Here sal hom straf

35Een van die profete het vir sy vriend gesê: “Slaan my, asseblief.” Die Here het gesê
hy moet dit sê. Maar sy vriend wou hom nie slaan nie, hy het dit nie gedoen nie.

36Toe sê die profeet vir sy vriend: “Jy het nie gedoen wat die Here gesê het nie.
Daarom, wanneer jy hier weggaan van my, dan sal ’n leeu jou vang.” En toe die
vriend weggaan van die profeet, het ’n leeu hom gevang en hom doodgemaak.

37Die profeet kom toe by ’n ander vriend en hy sê vir hom: “Slaan my asseblief.” Die
man het hom stukkend geslaan.

38Toe gaan die profeet en hy wag op die pad vir die koning. Die profeet het sy oë met
’n lap toegebind sodat mense nie kan weet wie hy is nie.

39Toe die koning daar verbykom, skree die profeet en hy vra dat die koning hom
moet help. Hy het gesê: “Ek het oorlog toe gegaan, en iemand het ’n man na my toe
gebring en vir my gesê: ‘Jy moet hierdie man oppas. As hy vlug en wegkom, dan sal jy
sterf in sy plek, of jy moet ’n talent silwer betaal.’

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

40Ek was besig met ander dinge en toe ek weer kyk, was die man nie meer daar nie."
Toe sê die koning van Israel vir die profeet: "Jy het self gesê wat met jou moet
gebeur, jy is skuldig."

41Die profeet ruk toe vinnig die lap van sy oë af, en die koning van Israel sien dat hy
een van die profete is.

42Toe sê die profeet vir die koning: "Die Here sê: Ek wou hê Ben-Hadad moet sterf,
maar jy het hom vry laat weggaan. Daarom moet jy nou sterf in sy plek, en jou volk
sal sterf in sy volk se plek."

43Die koning van Israel was moedeloos en kwaad. Hy het weggegaan huis toe en hy
het in Samaria gekom.

1 Konings 21

Isebel laat vir Nabot vermoor

1Daar het 'n tyd verbygegaan nadat hierdie dinge gebeur het. Nabot van Jisreël het
'n wingerd gehad voor die paleis van koning Agab van Samaria.

2Agab het met Nabot gepraat en gesê: "Gee vir my jou wingerd. Ek sal vir jou 'n beter
wingerd gee, of as jy wil, dan sal ek vir jou geld gee daarvoor. Ek wil daar 'n kruie-
tuin maak, want dit is naby, dit is voor my paleis."

3Maar Nabot het vir Agab gesê: "Die Here moet my keer as ek dit wil doen. Ek sal
nooit vir jou die grond gee wat ek van my voorvaders gekry het nie."

4Toe Agab by die huis kom, was hy moedeloos en kwaad omdat Nabot van Jisreël vir
hom gesê het hy sal nie vir hom die grond gee wat hy van sy voorvaders gekry het
nie. Agab het op sy bed gaan lê en hy het sy gesig na die muur gedraai. Hy wou nie
eet nie.

5Sy vrou Isebel kom toe by hom en vra vir hom: "Hoekom is jy moedeloos en hoekom
eet jy nie?"

6Hy sê toe vir haar: "Ek het met Nabot van Jisreël gaan praat en vir hom gevra: Gee
vir my jou wingerd, ek sal jou betaal, of as jy wil, sal ek vir jou 'n ander wingerd gee.
Maar hy het gesê nee, hy sal nie sy wingerd vir my gee nie."

7Agab se vrou Isebel sê toe vir hom: "Jy is die koning van Israel. Staan op en eet en
wees vrolik. Ek sal 'n plan maak sodat jy Nabot van Jisreël se wingerd kan kry."

8Isebel skryf toe briewe en sy sit Agab se naam en sy seël daarop. Toe stuur sy die
briewe na die leiers en die amptenare wat saam met Nabot in sy stad gewoon het.

9In die briewe het sy geskryf: "Julle moet 'n vasdag hou en julle moet vir Nabot voor
die mense laat sit.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Julle moet twee manne wat kan jok voor Nabot laat sit. Hulle moet sê Nabot het God en die koning vervloek, en hulle moet sê hulle is getuies dat hy dit gedoen het. Dan moet julle vir Nabot buitetoe neem en julle moet hom doodgooi met klippe."

11Die leiers en die amptenare wat saam met Nabot in sy stad gewoon het, het gedoen wat Isebel vir hulle geskryf het in die briewe wat sy vir hulle gestuur het.

12Hulle het 'n vasdag gehou en hulle het vir Nabot voor die mense laat sit.

13Hulle het twee manne gebring wat kan jok en hulle het die manne voor Nabot laat sit. Die twee manne het toe gepraat teen Nabot en hulle het gesê Nabot het God en die koning vervloek. Toe het hulle vir Nabot uit die stad geneem en hulle het hom doodgegooi met klippe.

14Hulle het vir Isebel laat weet dat hulle vir Nabot doodgegooi het met klippe.

15Toe Isebel dit hoor, het sy vir Agab gesê: "Nabot lewe nie meer nie, hy is dood. Nou kan jy Nabot se wingerd gaan vat wat hy nie aan jou wou verkoop nie."

Die Here stuur vir Elia na Agab toe om vir hom te sê wat met hom en sy familie sal gebeur

16Toe Agab hoor dat Nabot dood is, het hy gereedgemaak om na die wingerd van Nabot van Jisreël te gaan om dit vir hom te vat.

17Elia van Tisbe het gehoor die Here sê vir hom:

18"Agab koning van Israel in Samaria is by die wingerd van Nabot. Hy het daarnatoe gegaan om dit vir hom te vat. Jy moet gereedmaak en jy moet hom gaan ontmoet.

19Jy moet vir hom sê: Die Here vra: Agab, het jy iemand vermoor en het jy nou ook iemand se goed gevat? Op dieselfde plek waar die honde Nabot se bloed opgelek het, daar sal die honde jou bloed ook oplek."

20Toe Elia dit vir Agab sê, het Agab gesê: "Het jy my gekry, my vyand?" Elia het geantwoord: "Ja, ek het jou gekry, want jy het dit geniet om dinge te doen waarvan die Here nie hou nie.

21Daarom sê die Here: 'Ek sal dit sleg laat gaan met jou, Ek sal jou nageslag wegvee, Ek sal elke man en seun in die familie van Agab laat doodmaak, elkeen in die land Israel, getroud of ongetroud.

22Ek sal met jou koningshuis doen wat Ek gedoen het met die koningshuis van Jerobeam seun van Nebat en met die koningshuis van Baesa seun van Agija. Ek doen dit omdat jy My hartseer gemaak het en omdat jy vir Israel sonde laat doen het.'

23Die Here het ook oor Isebel gepraat. Hy het gesê: 'Die honde sal vir Isebel opvreet by die muur van Jisreël.

24Wanneer iemand van Agab in die stad sterf, dan sal die honde hom opvreet, en wanneer iemand van Agab in die veld sterf, dan sal die voëls hom opvreet.' "

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Daar was nie nog iemand wat so sleg was soos Agab nie. Hy het dit geniet om dinge te doen waarvan die Here nie hou nie. Sy vrou Isebel het hom die dinge laat doen.

26Hy het dinge gedoen wat die Here haat, hy het afgode gedien. Die Amoriete het dit voorheen ook gedoen, en toe het die Here hulle weggejaag uit die land en Hy het die land vir die Israeliete gegee.

Agab verneder hom voor die Here

27Toe Agab hoor wat Elia alles gesê het, het hy sy klere geskeur en rouklere om sy lyf gebind en hy het gevas. Hy het geslaap met die rouklere. Hy het rondgeloop en hy het niks gepraat nie.

28Die Here sê toe vir Elia van Tisbe:

29"Het jy gesien dat Agab hom voor My verneder het? Omdat hy dit gedoen het, sal Ek dit nie met hom sleg laat gaan terwyl hy nog lewe nie, maar wanneer sy seun koning is, dan sal Ek dit sleg laat gaan met sy koningshuis."

1 Konings 22

Agab sterf

(Kyk ook 2 Kron 18:3-34)

1Daar was drie jaar lank nie oorlog tussen die Arameërs en Israel nie.

2Toe, in die derde jaar, het koning Josafat van Juda by die koning van Israel gekom.

3Die koning van Israel het vir sy amptenare gesê: "Weet julle, die stad Ramot in die land Gilead behoort aan ons. Hoekom doen ons niks om dit terug te vat van die koning van Aram nie?"

4Die koning van Israel het vir Josafat gevra: "Sal jy saam met my gaan oorlog maak teen die stad Ramot in Gilead?" Josafat het vir die koning van Israel gesê: "Ek sal saam met jou gaan, en jy kan my manne en my perde ook gebruik.

5Maar jy moet asseblief vandag eers vra en luister na wat die Here sê."

6Die koning van Israel sê toe al die profete moet bymekaarkom. Daar was omtrent 400 profete, en hy vra toe vir hulle: "Moet ek gaan oorlog maak teen Ramot in Gilead of moet ek dit nie doen nie?" Die profete het gesê: "Jy moet gaan. Die Here sal jou laat wen."

7Toe sê Josafat: "Is hier nog 'n profeet van die Here? Ons moet vir hom ook vra."

8Die koning van Israel het vir Josafat gesê: "Ja, hier is nog 'n profeet. Dit is Miga seun van Jimla. Ons kan vir hom vra wat die Here sê, maar ek hou nie van die man nie, want die dinge wat hy sê, is nooit goed vir my nie, dit is sleg." Josafat sê toe: "Die koning moenie so praat nie."

© Bible Society of South Africa.

9Die koning van Israel roep toe ’n amptenaar en hy sê vir hom: “Gaan roep gou vir Miga seun van Jimla.”

10Die koning van Israel en koning Josafat van Juda het hulle koningsklere aangehad en elkeen het op sy troon gesit by die dorsvloer voor die poort van Samaria. Al die profete was besig om vir hulle te sê wat sal gebeur.

11Sedekia seun van Kenaäna het vir hom ’n paar ysterhorings gemaak en hy het gesê: “Die Here sê: Met hierdie horings sal jy die Arameërs stoot totdat hulle almal dood is.”

12Al die ander profete het gesê dit sal so gebeur. Hulle het gesê: “Koning, jy moet gaan na die stad Ramot in Gilead. Jy sal wen, die Here sal die stad vir jou gee.”

13Die boodskapper wat vir Miga moes gaan roep, het vir hom gesê: “Al die profete sê dit sal goed gaan met die koning. Jy moet asseblief ook soos hulle sê, jy moet sê dit sal goed gaan.”

14Miga het gesê: “So seker soos die Here lewe, ek sal sê wat die Here vir my sê.”

15Toe Miga by die koning kom, vra die koning vir hom: “Miga, moet ons oorlog gaan maak teen die stad Ramot in Gilead of moet ons dit nie doen nie?” Miga het geantwoord: “Koning, jy moet gaan. Jy sal wen, die Here gee die stad vir jou.”

16Maar toe sê die koning vir Miga: “Ek het baie maal vir jou gesê jy moet net die waarheid praat wanneer die Here jou stuur. Hoekom doen jy dit nie?”

17En toe sê Miga: “Ek het gesien die vyande het al die mense van Israel na al die kante toe op die berge gejaag. Hulle is soos skape wat nie ’n skaapwagter het nie. Die Here het gesê: ‘Hierdie mense het nie ’n koning nie. Hulle moet teruggaan, elkeen moet veilig na sy huis gaan.’ ”

18Die koning van Israel sê toe vir Josafat: “Ek het vir jou gesê dat die profeet Miga altyd sê dit sal sleg gaan met my, nie goed nie.”

19Miga het toe weer gepraat: “Luister wat sê die Here. Ek het gesien die Here sit op sy troon en almal wat in die hemel is, staan by Hom, hulle staan regs en links langs Hom.

20En die Here het gesê: ‘Vir wie kan Ek stuur om vir Agab te bedrieg? Daardie een moet sê Agab moet na Ramot in Gilead gaan, Ek wil hê Agab moet daar sterf.’ “Almal wat in die hemel is, het daaroor met mekaar gepraat,

21en toe kom een van hulle en hy gaan staan voor die Here en hy sê: ‘Ek sal hom bedrieg.’ “Toe vra die Here vir hom: ‘Hoe sal jy dit doen?’

22en hy sê: ‘Ek sal gaan en ek sal ’n leuengees word. Ek sal vir al die profete sê om leuens te vertel vir koning Agab.’ Die Here het gesê: ‘Jy sal hom bedrieg, jy sal dit regkry. Gaan doen dit.’

© Bible Society of South Africa.

23Koning, daarom moet jy dit weet: Die Here het ’n leuengees laat kom in die mond van al hierdie profete van jou. Maar weet jy wat die Here regtig gesê het? Die Here het gesê dit sal sleg gaan met jou.”

24Toe kom Sedekia seun van Kenaäna nader en hy slaan vir Miga op sy kakebeen en hy vra: “Dink jy die gees wat van die Here gekom het, het weggegaan van my om met jóú te praat?”

25Miga het vir Sedekia gesê: “Jy sal dit sien daardie dag wanneer jy van een kamer na die ander kamer gaan om te probeer wegkruip.”

26Toe sê die koning van Israel: “Vat vir Miga na Amon die burgemeester en na prins Joas toe

27en sê vir hulle die koning sê: ‘Julle moet hierdie man in die tronk sit en julle moet vir hom min kos en water gee totdat ek veilig terugkom.’ ”

28Miga sê toe: “Koning Agab, as jy regtig veilig sal terugkom, dan kom die woorde wat ek gesê het, nie van die Here nie.” Miga het ook gesê: “Manne, julle moet almal luister na wat ek sê.”

29Die koning van Israel en koning Josafat van Juda het gegaan na die stad Ramot in Gilead.

30Die koning van Israel het vir Josafat gesê: “Ek sal ander klere aantrek sodat mense nie sal weet wie ek is nie en dan sal ek saam met die manne oorlog begin maak. Jy moenie jou koningsklere uittrek nie.” Die koning van Israel het toe ander klere aangetrek en hy het saam met die manne oorlog begin maak.

31Die koning van Aram het 32 offisiere van die oorlogkarre by hom gehad. Hy het vir hulle gesê: “Julle moet net die koning van Israel skiet. Julle moenie die ander manne skiet nie, dit maak nie saak of hulle belangrik of onbelangrik is nie.”

32En toe die offisiere van die oorlogkarre vir Josafat sien, het hulle gedink dit is die koning van Israel. Hulle het nader gekom om hom te skiet. Josafat het geskree en gevra sy mense moet help,

33en toe die offisiere sien dit is nie Agab, die koning van Israel, nie, het hulle opgehou om vir Josafat te jaag.

34Een van die Arameërs het ’n pyl geskiet. Hy het nie geweet waarnatoe die pyl gaan nie. Hy het die koning van Israel raakgeskiet. Die pyl het ingegaan onder die plate van sy harnas. Die koning het vir die man wat sy oorlogkar gedryf het, gesê: “Draai om en neem my uit die oorlog, want iemand het my raakgeskiet.”

35Maar almal het daardie dag so hard geveg dat die koning op sy oorlogkar moes bly staan teen die Arameërs. Toe dit aand word, het hy gesterf. Die bloed uit die wond het afgeloop op die vloer van die oorlogkar.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

36Toe die son ondergaan, het die offisiere begin skree dat die oorlog moet ophou.
Hulle het gesê: “Elkeen moet na sy stad gaan, elkeen na sy land.”

37Die koning was dood toe hulle in Samaria aankom. Sy mense het hom in Samaria
begrawe.

38Toe hulle die oorlogkar afspoel by die dam van Samaria, het die honde die koning
se bloed opgelek, soos die Here gesê het. Die prostitute was besig om hulle daar te
was.

39Al die ander dinge wat Agab gedoen het, hoe hy Bet-San en die ander stede gebou
het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

40Nadat Agab gesterf het, het sy seun Ahasia koning geword ná hom.

Josafat, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 20:31-21:1)

41Josafat seun van Asa het koning van Juda geword in die vierde jaar nadat Agab
koning van Israel geword het.

42Josafat was 35 jaar oud toe hy koning geword het en hy was 25 jaar lank koning in
Jerusalem. Sy ma was Asuba dogter van Silgi.

43Hy het gelewe soos sy pa Asa, hy het nie opgehou om so te doen nie. Hy het dinge
gedoen waarvan die Here hou.

44Hy het net die offer-plekke laat staan. Die mense het nog offers en wierook-
offers gebring op die offer-plekke.

45Daar was vrede tussen Josafat en die koning van Israel.

46Al die ander dinge wat Josafat gedoen het, ook die belangrike dinge en die oorloë
wat hy geveg het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

47Daar het tempel-prostitute oorgebly van die tyd toe sy pa koning was. Josafat het
hulle uit die land weggejaag.

48Daar was nie ’n koning in Edom nie, ’n goewerneur het daar regeer.

49Josafat het skepe laat bou om na Ofir te gaan om goud te gaan haal, maar die
skepe het nie gegaan nie, want hulle het gebreek by die stad Esjon-Geber.

50Daarna het Ahasia seun van Agab vir Josafat gevra of sy manne saam met Josafat
se manne op die skepe kan gaan, maar Josafat wou hulle nie laat saamgaan nie.

51Josafat het gesterf, en hulle het hom begrawe in die stad van sy voorvader Dawid.
Sy seun Joram het koning geword ná hom.

Ahasia, koning van Israel

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

52Ahasia seun van Agab het koning van Israel geword in Samaria in die sewentiende jaar nadat Josafat koning van Juda geword het. Ahasia was twee jaar lank koning van Israel.

53Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hy het gelewe soos sy pa en sy ma en soos Jerobeam seun van Nebat wat die Israeliete sonde laat doen het.

54Ahasia het vir Baäl gedien en voor hom gebuig. Hy het die Here, die God van Israel, kwaad gemaak, sy pa het dit ook gedoen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 Konings

2 Konings 1

Ahasia sterf

1 Nadat koning Agab gesterf het, het die Moabiete opstandig geword teen die koning van Israel.

2 Koning Ahasia het deur die tralies van sy bo-kamer in Samaria geval en hy het seergekry. Hy het toe boodskappers gestuur en vir die boodskappers gesê: “Julle moet vir Baäl-Sebub, die god van die stad Ekron, gaan vra of ek sal lewe nadat ek so seergekry het.”

3 Toe het ’n engel van die Here vir Elia van die stad Tisbe gesê: “Jy moet gereedmaak en jy moet die boodskappers van die koning van Samaria gaan ontmoet. Jy moet vir hulle sê: Dink julle daar is nie ’n God in die land Israel nie? Hoekom gaan vra julle vir Baäl-Sebub, die god van Ekron, wat sal gebeur?

4 Die Here sê vir julle koning: Omdat jy vir die god van Ekron gaan vra het wat sal gebeur, sal jy nie afklim van die bed waarop jy gaan lê het nie, want jy sal sterf, dit is seker.” Elia het dit gesê, en toe het hy weggegaan.

5 Toe die boodskappers terugkom by die koning, vra die koning vir hulle: “Hoekom het julle teruggekom?”

6 En toe sê die boodskappers vir die koning: “’n Man het ons kom ontmoet en hy het vir ons gesê: ‘Julle moet teruggaan na die koning toe wat julle gestuur het en julle moet vir hom sê die Here sê: Dink jy daar is nie ’n God in die land Israel nie? Hoekom gaan vra jy vir Baäl-Sebub, die god van Ekron, wat sal gebeur? Omdat jy dit gedoen het, sal jy nie afklim van die bed waarop jy gaan lê het nie, want jy sal sterf, dit is seker.’ ”

7 Die koning vra toe vir die boodskappers: “Hoe het die man gelyk wat vir julle kom ontmoet het en wat hierdie dinge vir julle gesê het?”

8 Hulle het vir die koning gesê: “Die man het velklere aangehad en daar was ’n belt van vel om sy heupe.” Toe sê die koning: “Dit is Elia van die stad Tisbe.”

9 Die koning het toe ’n offisier en 50 manne gestuur, en hulle het opgeklim na Elia toe. Elia het bo-op die berg gesit. Die offisier het vir Elia gesê: “ Man van God, die koning sê jy moet afkom.”

10 Elia het geantwoord en vir die offisier gesê: “As ek ’n man van God is, dan sal daar vuur afkom uit die lug en die vuur sal jou en jou 50 manne verbrand.” En toe kom daar vuur uit die lug en dit verbrand die offisier en sy 50 manne.

11 Die koning het ’n ander offisier en 50 manne gestuur. Die offisier het vir Elia gesê: “Man van God, die koning sê jy moet gou maak en afkom.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Elia het geantwoord en vir die offisier gesê: “As ek ’n man van God is, dan sal daar vuur afkom uit die lug en die vuur sal jou en jou 50 manne verbrand.” En toe kom daar vuur van God uit die lug en dit verbrand die offisier en sy 50 manne.

13Die koning het ’n derde offisier en 50 manne gestuur. Hierdie derde offisier het opgeklim en hy het voor Elia gekniel en hom gesoebat en gesê: “Man van God, asseblief, jy moenie vir my en hierdie 50 manne laat sterf nie.

14Ek weet daar het vuur uit die lug gekom en dit het die eerste twee offisiere saam met hulle manne verbrand, maar jy moenie vir my laat sterf nie.”

15Die engel van die Here het vir Elia gesê: “Gaan af saam met hom, jy moenie bang wees vir hom nie.” Elia het toe opgestaan en hy het saam met die offisier na die koning toe gegaan.

16Elia het vir die koning gesê: “Die Here sê: Jy het boodskappers gestuur om vir Baäl-Sebub, die god van Ekron, te vra wat sal gebeur. Dink jy daar is nie ’n God in die land Israel vir wie jy kan vra wat sal gebeur nie? Omdat jy dit gedoen het, sal jy nie afklim van die bed waarop jy gaan lê het nie, want jy sal sterf, dit is seker.”

17Koning Ahasia het gesterf soos die Here gesê het in die boodskap wat Elia gebring het. Ahasia het nie ’n seun gehad nie. Joram het toe koning geword in die plek van Ahasia, dit was in die tweede jaar nadat Joram seun van Josafat koning van Juda geword het.

18Al die ander dinge wat Ahasia gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

2 Konings 2

Die Here neem vir Elia op na die hemel

1Die tyd het gekom dat die Here vir Elia sou opneem na die hemel, Hy het vir Elia in ’n stormwind opgeneem. Toe Elia en Elisa uit die stad Gilgal uitgaan,

2het Elia vir Elisa gesê: “Jy moet asseblief hier bly, want die Here stuur my na die stad Bet-El.” Elisa het gesê: “So seker soos die Here lewe en jy lewe, ek sal jou nie alleen los nie.” Hulle het toe na die stad Bet-El gegaan.

3Daar het profete van Bet-El na Elisa toe gekom en hulle het vir hom gesê: “Weet jy dat die Here vandag jou meneer sal wegneem van jou?” Elisa het gesê: “Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie.”

4Elia het vir hom gesê: “Elisa, jy moet asseblief hier bly, want die Here stuur my na die stad Jerigo.” Maar Elisa het gesê: “So seker soos die Here lewe en jy lewe, ek sal jou nie alleen los nie.” Hulle het toe by Jerigo gekom.

© Bible Society of South Africa.

5Daar het profete van Jerigo na Elisa toe gekom en hulle het vir hom gesê: “Weet jy dat die Here vandag jou meneer sal wegneem van jou?” Elisa het gesê: “Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie.”

6Elia het vir Elisa gesê: “Jy moet asseblief hier bly, want die Here stuur my na die Jordaan-rivier.” Elisa het gesê: “So seker soos die Here lewe en jy lewe, ek sal jou nie alleen los nie.” Hulle het toe verder geloop.

7Elia en Elisa het by die Jordaan-rivier gaan staan, en 50 van die profete het verder weg gestaan.

8Elia het sy bo-kleed geneem en hy het dit opgerol en daarmee op die water geslaan. Toe het daar ’n pad deur die rivier gekom, en Elia en Elisa het op droë grond deur die rivier geloop.

9Terwyl hulle deur die rivier geloop het, het Elia vir Elisa gesê: “Jy moet sê wat ek vir jou moet doen voordat die Here my wegneem van jou.” Elisa het geantwoord: “Ek wil asseblief ook ’n profeet wees soos jy, maar twee maal beter as ander profete.”

10Toe sê Elia: “Dit is ’n moeilike ding wat jy gevra het. As jy my sien wanneer die Here my wegneem, dan sal jy dit kry, maar as jy my nie sien nie, dan sal jy dit nie kry nie.”

11Terwyl hulle geloop en praat het, het daar skielik ’n oorlogkar en perde van vuur tussen Elia en Elisa gekom, en Elia het in ’n stormwind opgegaan in die lug.

12Elisa het dit gesien, en hy het geskree: “My vader, my vader, jy was vir Israel soos ’n oorlogkar en manne op perde!” Toe Elisa nie meer vir Elia kon sien nie, het hy sy klere in twee stukke geskeur.

13Daarna het hy die bo-kleed opgetel wat afgeval het van Elia, en hy het weer op die wal van die Jordaan-rivier gaan staan.

14Hy neem toe die bo-kleed en hy slaan ook op die water en sê: “Waar is die Here, die God van Elia, waar is Hy?” En toe Elisa op die water slaan, het daar ’n pad deur die rivier gekom, en Elisa het deur die rivier geloop.

15Daar was profete van Jerigo daar naby, en toe hulle sien wat gebeur, sê hulle: “Elisa is nou ’n profeet soos Elia.” Hulle het na Elisa toe gekom en hulle het voor hom gebuig.

16Hulle het vir hom gesê: “Luister asseblief, hier is 50 van ons manne, hulle is manne wat weet wat om te doen. Sê asseblief hulle moet jou meneer gaan soek. Miskien het ’n baie sterk wind hom opgetel en hom op een van die berge of in een van die valleie laat val.” Maar Elisa het gesê: “Nee, hulle moenie gaan nie.”

17Die profete het aangehou om dit vir Elisa te vra, en hy het later nie geweet wat om te doen nie. Hy sê toe: “Goed, stuur hulle.” Hulle het die 50 manne gestuur, en hulle het drie dae lank na Elia gesoek, maar hulle het hom nie gekry nie.

© Bible Society of South Africa.

18Daarna het hulle teruggekom na Elisa toe. Elisa het in Jerigo gebly. Hy het vir hulle
gesê: “Ek het gesê julle moenie gaan nie.”

Elisa maak die water van Jerigo gesond

19Die leiers van die stad Jerigo het vir Elisa gesê: “Meneer, jy kan sien dat die stad op
’n mooi plek gebou is, maar die water hier is sleg en dit maak die
grond onvrugbaar.”

20Elisa het gesê: “Bring vir my ’n nuwe bak en gooi sout daarin.” Hulle het die bak en
die sout gebring,

21en Elisa het na die plek gegaan waar die water uit die grond kom. Hy het die sout in
die water gegooi en gesê: “Die Here sê: Ek maak hierdie water gesond, dit sal nie
meer die grond onvrugbaar maak en die plante laat doodgaan nie.”

22Die water het gesond geword soos Elisa gesê het, en dit is tot vandag toe gesond.

Twee beer-wyfies maak die kinders dood wat vir Elisa spot

23Elisa het van die stad Jerigo na die stad Bet-El gegaan. Terwyl hy op die pad
daarnatoe geloop het, het daar seuntjies uit die stad gekom. Hulle het hom gespot
en gesê: “Loop, kaalkop! Loop, kaalkop!”

24Elisa het omgedraai en hy het vir hulle gesê dat die Here hulle sal straf. En toe kom
daar twee beer-wyfies uit die bos en hulle maak 42 van die seuntjies dood.

25Elisa het van Bet-El na Karmel-berg gegaan en daarna het hy teruggegaan na
Samaria.

2 Konings 3

Joram word koning van Israel

1Joram seun van Agab het in Samaria koning van Israel geword in die agtiende jaar
nadat Josafat koning van Juda geword het. Joram was twaalf jaar lank koning.

2Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, maar dit was nie so sleg soos die
dinge wat sy pa en sy ma gedoen het nie. Hy het die klip-paal van Baäl weggevat.
Dit was die klip-paal wat sy pa laat maak het.

3Maar hy het aangehou om die sondes te doen wat Jerobeam seun van Nebat
gedoen het. Jerobeam het die Israeliete ook daardie sondes laat doen.

Joram maak oorlog teen die Moabiete

4Koning Mesa van Moab was ’n skaapboer. Hy moes elke jaar vir die koning
van Israel 100 000 lammers en die wol van 100 000 skaap-ramme gee.

5Maar ná die dood van Agab het die koning van Moab opstandig geword teen die
koning van Israel.

© Bible Society of South Africa.

6Koning Joram het toe uit Samaria gegaan en hy het al die manne van Israel laat kom
om oorlog te maak.

7Hy het ook ’n boodskap gestuur na koning Josafat van Juda en gevra: “Die koning
van Moab het opstandig geword teen my. Sal jy saam met my teen die Moabiete
gaan oorlog maak?” Josafat het geantwoord: “Ek sal saamgaan. Ek sal by jou wees,
my manne sal by jou manne wees, en my perde by jou perde.

8Maar op watter pad sal ons gaan?” Joram het geantwoord: “Op die pad na die
woestyn van Edom.”

9Die koning van Israel, die koning van Juda en die koning van Edom het toe deur die
woestyn gegaan, maar ná sewe dae was daar nie meer water vir die manne en die
diere wat by hulle was nie.

10Die koning van Israel sê toe: “Ek dink die Here het ons drie geroep om ons vir die
Moabiete te gee.”

11Maar toe sê Josafat: “Is hier ’n profeet van die Here? Dan kan ons vir die Here vra
wat sal gebeur.” Een van die koning van Israel se amptenare het geantwoord: “Ja,
Elisa seun van Safat is hier. Hy is die man wat vir Elia bedien het.”

12Josafat sê toe: “Ons kan vir Elisa vra wat die Here sê.” Die drie konings het toe na
Elisa toe gegaan.

13Maar Elisa het vir die koning van Israel gesê: “Hoekom kom jy na mý toe? Gaan na
jou pa en jou ma se profete toe.” Die koning van Israel sê toe: “Nee, want ek dink
die Here het ons drie konings geroep om ons vir die Moabiete te gee.”

14Elisa het gesê: “So seker soos die Here lewe, die Here wat oor alles regeer, die Here
vir wie ek werk, ek sou nie na jou gekyk het nie, en ek sou jou nie gesien het nie.
Maar ek respekteer vir Josafat koning van Juda, daarom sal ek doen wat jy vra.

15Maar bring vir my iemand wat op ’n lier kan speel.” Hulle het iemand gebring, en
terwyl die man op die lier gespeel het, het die Here met Elisa gepraat.

16Elisa het toe gesê: “Die Here sê: Ek sal hierdie vallei vol water maak.

17Ja, die Here sê: Daar sal nie wind of reën wees nie, maar hierdie vallei sal vol water
word, en julle en julle diere sal water hê om te drink.

18En dit is vir die Here maklik om dit te doen. Hy sal julle ook laat wen teen die
Moabiete.

19Julle sal al die stede wat sterk mure het, oorwin. Julle sal al die belangrike stede
afbreek en die vrugtebome afkap en die fonteine toemaak, en die vrugbare grond
vol klippe gooi.”

© Bible Society of South Africa.

20En die volgende oggend, die tyd wanneer die priesters die koring-offer moet bring, kom daar skielik water van Edom af, en die land het vol water geword.

21Al die Moabiete het gehoor dat die drie konings wil kom oorlog maak teen hulle, en hulle het al die manne geroep wat kon veg. Hulle het by die grens van die land gaan staan.

22Toe hulle vroeg die volgende oggend opstaan, het die son op die water geskyn, en die Moabiete het gedink die water is rooi van die bloed.

23Hulle het gesê: “Dit is bloed. Die drie konings het miskien teen mekaar begin veg en hulle het mekaar se manne doodgemaak. Kom, Moabiete, ons moet hulle goed gaan vat!”

24Maar toe die Moabiete by die tente van die Israeliete kom, het die Israeliete hulle aangeval en oorwin. Die Moabiete het gevlug. Die Israeliete het verder in die land Moab ingegaan en hulle het die Moabiete daar oorwin.

25Die Israeliete het die stede verwoes. Hulle het al die vrugbare grond vol klippe gegooi en al die fonteine toegemaak en al die vrugtebome afgekap. Later het net een stad se mure bly staan, dit was Kir-Gareset. Maar die manne wat met slingervelle gooi, het die stad van al die kante aangeval en hulle het dit oorwin.

26Toe die koning van Moab sien dat die drie konings sy manne oorwin, het hy 700 manne wat met swaarde veg, saam met hom geneem. Hulle het probeer om tussen die manne van die drie konings deur te gaan tot by Edom, maar hulle het dit nie reggekry nie.

27Toe vat die koning van Moab sy oudste seun wat ná hom koning sou word, en hy offer hom op die muur. Hy het hom heeltemal verbrand. Die Israeliete was só geskok en ontsteld dat hulle weggegaan het, terug na hulle land.

2 Konings 4

’n Weduwee se olyf-olie word meer

1Een van die profete se vrou het na Elisa toe gekom en sy het vir hom gevra dat hy haar moet help. Sy het gesê: “My man is dood. Jy weet self dat hy die Here gedien het. Maar hy het geld vir ’n man geskuld, en nou het daardie man gekom om my twee seuns te vat. Hy wil hulle sy slawe maak.”

2Elisa het vir haar gevra: “Wat kan ek vir jou doen? Sê vir my wat het jy in jou huis.” Sy het gesê: “Ek het niks in die huis nie. Ek het net ’n kruikie olyf-olie.”

3Toe sê Elisa: “Gaan leen by jou bure leë kruike, jy moet baie kruike leen.

4Gaan dan in jou huis en sluit die deur. Dan moet jy en jou seuns al die kruike vol olyf-olie gooi en julle moet die kruike bêre wat vol is.”

© Bible Society of South Africa.

5Die vrou het gegaan en sy het die deur agter haar toegesluit. Haar seuns het die
kruike vir haar gegee en sy het dit volgemaak.

6Toe die kruike almal vol is, sê sy vir een van haar seuns: “Bring vir my nog ’n kruik.”
Die seun het vir haar gesê: “Daar is nie meer kruike nie.”

7En toe het daar nie meer olyf-olie uit die kruikie gekom nie. Sy het dit vir die man
van God gaan sê, en hy het gesê: “Gaan verkoop nou die olyf-olie en betaal die skuld.
Jy en jou seuns kan dan lewe van die geld wat oorbly.”

Die vrou wat in Sunem woon, se seun sterf en lewe weer

8Toe Elisa eendag in die stad Sunem kom, het ’n ryk vrou hom genooi om by hulle te
kom eet. Hy het toe elke maal wanneer hy daar gekom het, na haar huis gegaan om
te eet.

9Eendag het sy vir haar man gesê: “Luister na wat ek sê, die man van God is
’n gewyde man en hy kom baie maal by ons.

10Kom ons maak die klein bo-kamer vir hom gereed, en ons sit daar vir hom ’n bed
en ’n stoel en ’n tafel en ’n lamp. Dan kan hy elke maal wanneer hy by ons kom, daar
gaan bly.”

11Hulle het dit toe gedoen. Eendag het Elisa gekom en hy het in die bo-kamer op die
bed gaan lê.

12Hy sê toe vir die jongman Gehasi wat vir hom werk: “Gaan roep vir my hierdie vrou
van Sunem.” Gehasi het haar gaan roep, en sy het by die deur kom staan.

13Toe sê Elisa vir Gehasi: “Sê vir haar: Jy het baie gedoen om vir ons te help. Wat kan
ons vir jóú doen? Kan ek vir die koning of vir die hoof van die leër iets sê oor jou?”
Die vrou het geantwoord: “Nee, ek woon by my eie mense.”

14Elisa sê toe: “Ek wonder wat ek vir haar kan doen.” En toe sê Gehasi: “Ek weet wat
jy vir haar kan doen. Sy het nie ’n seun nie, en haar man is oud.”

15Elisa het gesê Gehasi moet die vrou gaan roep, en sy het by die deur kom staan.

16Toe sê Elisa vir die vrou: “Jy sal volgende jaar hierdie tyd jou eie seun in jou arms
hou.” Die vrou het gesê: “Nee, Meneer, jy is ’n man van God, jy moenie vir my jok
nie.”

17Maar die vrou het swanger geword en sy het ’n seun gekry op die tyd wat Elisa
gesê het.

18Toe die seun groter was, het hy eendag saam met sy pa gegaan na die koringland
waar die mense die koring afsny.

19En hy het vir sy pa gesê: “My kop is seer, my kop is seer.” Sy pa het vir ’n jongman
gesê: “Neem my seun na sy ma toe.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Die jongman het die seun opgetel en hy het hom na sy ma toe geneem. Die seun het op haar skoot gesit tot die middag, en toe het hy gesterf.

21Sy ma het hom na die bo-kamer gedra en sy het hom neergesit op die man van God se bed. Sy het toe die deur gesluit en ondertoe gegaan.

22Toe roep sy haar man en sê: “Stuur asseblief vir my een van die jongmanne en ’n donkie, ek wil gou na die man van God toe gaan.”

23Haar man het gevra: “Hoekom wil jy vandag na hom toe gaan? Dit is nie Nuwemaan-fees of Sabbatdag nie.” Die vrou het gesê haar man moenie bekommerd wees nie.

24Sy het die donkie laat opsaal en vir die jongman gesê: “Jy moet die donkie vinnig jaag, jy moet net stadiger gaan wanneer ek vir jou sê.”

25Toe sy by die man van God op Karmel-berg kom, het hy haar sien aankom en vir die jongman Gehasi by hom gesê: “Kyk, hier kom die vrou van Sunem.

26Hardloop asseblief na haar toe en vra vir haar: ‘Gaan dit goed met jou, gaan dit goed met jou man, gaan dit goed met die kind?’ ” Die vrou het geantwoord: “Dit gaan goed.”

27Maar toe sy by die man van God op die berg kom, gaan lê sy en sy hou Elisa se voete vas. Gehasi het nader gekom om haar weg te trek, maar die man van God het gesê: “Los haar, sy is baie hartseer, en die Here het dit nie vir my gewys nie, Hy het dit nie vir my gesê nie.”

28Die vrou sê toe vir Elisa: “Ek het nie vir Meneer ’n seun gevra nie. Ek het gesê jy moenie vir my jok nie.”

29Elisa het vir Gehasi gesê: “Jy moet jou klere vasmaak en my kierie neem en na haar huis gaan. Wanneer jy langs die pad iemand kry, dan moet jy hom nie groet nie, en wanneer hy jou groet, dan moet jy nie antwoord nie. Gaan sit dan my kierie op die seun se gesig.”

30Die seun se ma het vir Elisa gesê: “Kom saam. So seker soos die Here lewe en jy lewe, ek sal nie gaan as jy nie saamgaan nie.” Elisa het opgestaan en hy het saam met haar gegaan.

31Gehasi het voor hulle by die vrou se huis gekom, en hy het die kierie op die seun se gesig gesit. Maar niks het gebeur nie, die seun het nie gelewe nie. Gehasi het teruggegaan, en toe hy by Elisa kom, het hy gesê: “Die seun het nie wakker geword nie.”

32Toe Elisa by die huis kom, sien hy dat die seun daar dood op die bed lê.

33Hy het die deur toegemaak en tot die Here gebid.

© Bible Society of South Africa.

34Toe gaan lê hy bo-op die seun en hy sit sy mond op die seun se mond, sy oë op die seun se oë en sy hande op die seun se hande. So het hy op die seun gelê totdat die seun se liggaam warm geword het.

35Daarna het Elisa afgeklim van die bed en hy het een maal heen en weer geloop in die kamer. Toe het hy weer op die seun gaan lê. Die seun het sewe maal genies en hy het sy oë oopgemaak.

36Elisa roep toe vir Gehasi en sê: “Roep die vrou van Sunem.” Gehasi het haar geroep, en toe sy by Elisa kom, het hy gesê: “Tel jou seun op.”

37Sy het gekom en by Elisa se voete gaan lê met haar gesig teen die grond. Toe het sy haar kind opgetel en uitgegaan.

Giftige kos word reg om te eet

38Elisa het teruggegaan na die stad Gilgal. Daar was hongersnood in die land. Eendag toe hy besig was om vir die profete te leer, het hy vir die jongman by hom gesê: “Sit die groot pot op die vuur en kook kos vir die profete.”

39Een van die profete het uitgegaan veld toe om kruie te pluk. Hy kry toe ’n wilde plant wat vrugte gedra het, en hy pluk sy sak vol. Toe kom hy terug en hy sny die vrugte in stukkies en gooi dit in die pot. Maar hy het nie die vrugte geken nie.

40Hulle het later vir die manne kos geskep om te eet, maar toe hulle die kos proe, het hulle geskree: “ Man van God, die kos is giftig!” Hulle kon dit nie eet nie.

41Maar Elisa het gesê hulle moet vir hom meel bring, en hy het die meel in die pot gegooi en gesê: “Skep nou van die kos vir die manne.” Hulle het geëet, en daar was toe niks verkeerd met die kos nie.

Honderd manne eet genoeg van twintig garsbroodjies

42Iemand van die stad Baäl-Salisa het vir die man van God 20 garsbroodjies gebring van gars wat nog vars was, en ook vars koring-are. Elisa het gesê: “Gee dit vir die manne sodat hulle kan eet.”

43Maar sy bediende het gesê: “Ek kan nie hierdie kos vir 100 manne gee nie, dit is te min.” Elisa het gesê: “Gee dit vir die manne sodat hulle kan eet, want die Here sê hulle sal genoeg eet en daar sal nog oorbly.”

44Die bediende het die kos vir hulle gegee. Hulle het genoeg geëet, en daar het kos oorgebly.

2 Konings 5

Naäman word gesond

1Naäman was die hoof van die leër van die koning van Aram. Hy was ’n belangrike man en die koning het hom gerespekteer, want die Here het vir Naäman gebruik om

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die Arameërs te laat wen teen hulle vyande. Naäman kon goed oorlog maak, maar hy was melaats.

2Die Arameërs het voorheen eendag ’n paar stede in die land Israel gaan aanval. Naäman het toe ’n klein dogtertjie van Israel saamgebring om vir sy vrou te werk.

3Die dogtertjie het vir Naäman se vrou gesê: “As Meneer by die profeet Elisa in Samaria kan kom, dan sal die profeet hom gesond maak. Meneer sal dan nie meer melaats wees nie.”

4Naäman het vir die koning gaan sê wat die dogtertjie sê wat van die land Israel kom,

5en die koning van Aram het vir Naäman gesê: “Jy moet na Israel gaan, ek sal ’n brief saamstuur vir die koning van Israel.” Naäman het gegaan en hy het tien talente silwer, 6 000 sikkels goud en klere vir tien mense saamgeneem.

6Hy het die brief vir die koning van Israel gebring. Die koning van Aram het in die brief geskryf: “As hierdie brief by jou kom, dan moet jy weet dit is ék wat my offisier Naäman na jou toe stuur. Jy moet hom gesond maak, hy is melaats.”

7Toe die koning van Israel die brief lees, het hy sy klere geskeur en gesê: “Dink hy ek is God wat mense kan doodmaak of hulle kan laat lewe? Hoekom stuur hierdie man sy offisier wat melaats is na my toe sodat ek hom moet gesond maak? Julle kan sien hy wil vir my probleme gee.”

8Elisa, die man van God, het gehoor dat die koning sy klere geskeur het, en hy het vir die koning ’n boodskap gestuur en vir hom gevra: “Hoekom skeur jy jou klere? Stuur Naäman na my toe, sodat hy kan weet daar is ’n profeet in die land Israel.”

9Naäman het toe met sy perde en sy oorlogkar gekom en hy het gestop voor die deur van Elisa se huis.

10Elisa stuur toe vir Naäman ’n boodskap en sê: “Gaan was jou sewe maal in die Jordaan-rivier, dan sal jou vel gesond word en jy sal weer rein wees.”

11Naäman het kwaad geword en hy het gery. Hy het gesê: “Ek het gedink Elisa sal uitkom en by my kom staan. Ek het gedink hy sal sy hand oor die seerplekke beweeg en my gesond maak.

12Die Abana-rivier en die Parpar-rivier van Damaskus is beter as al die water van Israel. As ek my in ’n rivier moet was om rein te word, dan kon ek dit daar gedoen het.” Naäman was baie kwaad en hy het weggery.

13Maar sy bediendes het met hom kom praat en hulle het vir hom gesê: “Meneer, as die profeet vir jou gesê het jy moet iets doen wat moeilik is, dan sou jy dit gedoen het. Maar nou het hy vir jou gesê: ‘Gaan was jou, dan sal jy weer rein wees.’ ”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Toe gaan Naäman af na die Jordaan-rivier en hy duik sewe maal in die water soos die man van God gesê het. Daarna was sy vel so gesond soos ’n klein seuntjie se vel, en hy was weer rein.

15Hy het teruggegaan na die man van God toe en hy en al sy mense het voor Elisa kom staan. Naäman het gesê: “Luister asseblief, ek weet nou daar is op die hele aarde nie ’n ander God nie, daar is net die God van Israel. En nou wil ek graag vir jou ’n present gee.”

16Maar Elisa het geantwoord: “So seker soos die Here lewe, die Here vir wie ek werk, ek sal niks van jou neem nie.” Naäman het aangehou, maar Elisa wou niks neem nie.

17Toe sê Naäman: “As jy niks wil neem nie, mag ek dan asseblief ’n vrag grond saamneem, soveel soos twee muile kan dra? Ek wil van nou af net vir die Here offers bring, nie meer vir ander gode nie.

18Maar daar is een ding wat die Here vir my moet vergewe: Wanneer my koning in die tempel van Rimmon kom om daar te aanbid, dan sal die koning vir my sê ek moet langs hom staan en ek moet saam met hom aanbid. Die Here moet my vergewe wanneer ek dit doen.”

19Elisa het vir Naäman gesê: “Goed, dit is nie ’n probleem nie.”

Gehasi word melaats

Naäman het weggegaan, maar hy was nog nie ver weg van Elisa nie.

20Gehasi, wat vir Elisa, die man van God, gewerk het, het gedink en vir homself gesê: “Kyk wat het my meneer gedoen, hy het hierdie Arameër laat weggaan en hy het niks geneem van die presente wat hy gebring het nie. So seker soos die Here lewe, ek sal hardloop en wanneer ek by hom kom, sal ek iets by hom kry.”

21Gehasi hardloop toe na Naäman toe, en toe Naäman sien daar kom iemand wat na hom toe hardloop, het hy stilgehou. Hy het afgeklim van die wa en hy het gewag vir die man. Toe Gehasi by hom kom, het Naäman gevra: “Is daar iets verkeerd?”

22Gehasi het gesê: “Nee, daar is niks verkeerd nie. My meneer het my gestuur om te sê daar het nou twee jongmanne van die Efraim-berg by hom gekom. Hulle is profete, en jy moet asseblief vir my meneer ’n talent silwer gee en ook klere vir twee persone.”

23Naäman het geantwoord: “Jy moet asseblief twee talente silwer neem.” Hy het aangehou sê dat Gehasi dit moet neem en hy het die twee talente silwer in twee sakke toegebind, en ook die klere. Hy het dit vir twee jongmanne gegee, en hulle het dit gedra en saam met Gehasi gegaan.

24Toe hulle bo-op die heuwel kom, het Gehasi die goed geneem wat die jongmanne gedra het en hy het dit in sy huis gaan bêre. Toe het hy vir hulle gesê hulle moet teruggaan, en hulle het gegaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Gehasi het teruggekom by sy meneer, en toe hy by Elisa staan, vra Elisa: “Van waar
kom jy, Gehasi?” Gehasi het gesê: “Nee, ek was nie weg nie.”

26Toe sê Elisa: “Ek het gesien hoe die man van sy wa afgeklim het en vir jou gewag
het. Dit is nie nou die tyd om silwer en klere te neem nie, en ook nie olyfboorde
en wingerde en skape en bokke en beeste en slawe en slavinne nie.

27Naäman was melaats, en sy siekte sal nou aan jou vassit en ook aan jou nageslag,
julle sal altyd melaats wees.” En toe Gehasi weggaan van Elisa, was Gehasi melaats,
sy vel was so wit soos sneeu.

2 Konings 6

’n Byl dryf op die water

1Die profete het vir Elisa gesê: “Kyk, die plek waar jy vir ons leer, is te klein vir ons.

2Laat ons asseblief na die Jordaan-rivier gaan. Ons kan daar pale afkap, sodat ons die
plek groter kan maak waar ons moet sit.” Elisa het gesê dit is goed,

3en toe sê een van die profete vir Elisa: “Jy moet asseblief saam met ons gaan.” Elisa
het gesê dit is goed, hy sal saamgaan.

4Hy het toe saamgegaan, en hulle het by die Jordaan-rivier gekom en begin bome
afkap.

5Terwyl een van die profete besig was om ’n groot boom af te kap, het sy byl in die
water geval. Hy het geskree en gesê: “Ag, Meneer, dit is ’n byl wat ek geleen het.”

6Die man van God het vir hom gevra: “Waar het die byl in die water geval?” Die
profeet het vir Elisa die plek gewys. Elisa het ’n stuk hout afgekap en hy het dit daar
in die water gegooi. En toe dryf die byl op die water.

7Elisa het gesê: “Haal die byl uit.” Die profeet het sy hand uitgesteek en hy het die
byl geneem.

Die Arameërs wil vir Elisa vang

8Die koning van Aram het oorlog gemaak teen Israel. Hy het saam met sy offisiere
planne gemaak en hy het besluit om sy tente op ’n plek op te slaan.

9Maar die man van God het vir die koning van Israel laat weet: “Pasop dat julle nie
by daardie plek verbygaan nie, want die Arameërs gaan daarnatoe.”

10Die koning van Israel het ’n boodskap gestuur en hy het die mense wat daar was,
gewaarsku. Dit het meer as een maal gebeur.

11Die koning van Aram het bekommerd geword daaroor en hy het sy offisiere geroep
en vir hulle gesê: “Julle moet vir my sê wie van ons manne vertel vir die koning van
Israel van ons planne.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Een van sy offisiere het gesê: “Nee, Meneer die koning, dit is nie een van ons manne nie, dit is die profeet Elisa wat daar in die land Israel is. Hy weet alles en hy kan vir sy koning ook die dinge sê wat jy in jou slaapkamer praat.”

13Die koning van Aram het gesê hulle moet uitvind waar Elisa is, sodat hy mense kan stuur om vir Elisa te vang. Die koning hoor toe dat Elisa in die stad Dotan is.

14Die koning van Aram stuur toe perde en oorlogkarre en baie manne na Dotan. Hulle het in die nag daar gekom en hulle het rondom die stad gaan staan.

15Die volgende oggend het die bediende van Elisa, die man van God, vroeg opgestaan, en toe hy uitgaan, sien hy al die manne en die perde en die oorlogkarre rondom die stad. Hy het vir Elisa gesê: “Ag, Meneer, wat moet ons doen?”

16Elisa het vir die bediende gesê: “Jy moenie bekommerd wees nie, daar is meer by ons as by hulle.”

17Elisa het gebid en gevra: “Here, maak asseblief sy oë oop sodat hy kan sien.” Die Here het die oë van die jongman oopgemaak, en toe sien hy dat die berge rondom Elisa vol perde en oorlogkarre van vuur is.

18Toe die Arameërs nader kom, het Elisa tot die Here gebid en gevra: “Here, laat hierdie mense asseblief blind word.” Die Here het gedoen wat Elisa gevra het, en die Arameërs het blind geword.

19Elisa het vir hulle gesê: “Julle is op die verkeerde pad en by die verkeerde stad. Kom saam met my, dan sal ek julle bring in die stad wat julle soek.” En toe bring Elisa die Arameërs na die stad Samaria.

20Toe hulle in Samaria kom, het Elisa gebid: “Here, maak nou hierdie manne se oë oop sodat hulle kan sien.” Die Here het dit gedoen, en toe hulle kyk, was hulle binne-in Samaria.

21Die koning van Israel het vir Elisa gevra: “Meneer, moet ek hierdie Arameërs doodmaak?”

22Maar Elisa het gesê: “Nee, jy moenie vir hulle doodmaak nie. Jy het hulle nie in ’n oorlog gevang nie, daarom mag jy hulle nie doodmaak nie. Gee vir hulle kos en water sodat hulle kan eet en kan teruggaan na hulle koning toe.”

23Die koning van Israel het toe vir hulle ’n groot fees-ete gegee, en nadat die Arameërs geëet en gedrink het, het hy hulle laat gaan. Hulle het teruggegaan na hulle koning toe, en die Arameërs het nie gou weer die stede in die land Israel kom aanval nie.

Die Arameërs slaan hulle tente op rondom Samaria, en die kos in die stad word baie min

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Later het koning Ben-Hadad van Aram al sy manne laat bymekaarkom en hulle het hulle tente rondom die stad Samaria opgeslaan.

25Hulle het daar gebly, en die kos in Samaria het baie min geword. Die kos het later baie duur geword, ’n donkie se kop het 80 sikkels gekos en ’n klein bietjie duiwemis het vyf sikkels gekos.

26Toe die koning van Israel eendag op die muur van die stad verbyloop, het ’n vrou vir hom geskree: “Meneer die koning, jy moet my help!”

27Die koning het geantwoord: “Die Here sal jou moet help. Ek het niks wat ek vir jou kan gee nie, nie koring of wyn of olyf-olie nie.”

28Die koning vra toe vir die vrou: “Maar wat is jou probleem?” En sy het gesê: “Hierdie vrou het vir my gesê ek moet my seun gee sodat ons hom vandag kan eet, dan eet ons môre haar seun.

29Ons het toe my seun gekook en ons het hom geëet, en toe ek die volgende dag vir haar sê sy moet haar seun bring sodat ons hom kan eet, het sy haar seun weggesteek.”

Die koning wil vir Elisa laat doodmaak

30Toe die koning hoor wat die vrou sê, het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek. Hy het op die muur geloop, en die mense kon sien dat hy rouklere aangehad het onder sy ander klere.

31Die koning het gesê: “Vandag sal ek die kop van Elisa seun van Safat laat afkap. God moet my straf as ek dit nie doen nie.” Die koning het iemand gestuur om Elisa se kop af te kap.

32Elisa was in sy huis, en die leiers het by hom gesit. Maar voordat die man wat die koning gestuur het, daar gekom het, het Elisa vir die leiers gesê: “Weet julle dat hierdie moordenaar, die koning van Israel, iemand gestuur het om my kop af te kap? Julle moet kyk, en wanneer die persoon kom, dan moet julle die deur sluit en hom buite hou. Ek hoor sy koning kom saam met hom.”

Elisa sê daar sal baie kos wees

33Terwyl Elisa besig was om te praat, het die koning self daar aangekom. En toe sê hy vir Elisa: “Dit is die Here wat dit so sleg laat gaan met ons. Ek weet Hy wil ons nie help nie.”

2 Konings 7

1Elisa het vir die koning gesê: “Luister wat sê die Here: Môre, hierdie selfde tyd, sal kos weer goedkoop wees, ’n sea koringmeel sal een sikkel kos, en twee sea gars sal een sikkel kos in die poort van Samaria.”

© Bible Society of South Africa.

2Die offisier wat langs die koning gestaan het, sê toe vir die man van God: “Nee, dit sal nooit gebeur nie, ook nie wanneer die Here vensters in die hemel maak waardeur die reën kan val nie.” Elisa het vir die offisier gesê: “Ek sê vir jou, jy sal sien dat dit gebeur, maar jy sal nie self van daardie meel of gars eet nie.”

Die Arameërs vlug, en daar is baie kos

3Daar was vier melaatse mans voor die poort van die stad Samaria. Hulle het vir mekaar gesê: “Hoekom moet ons hier sit totdat ons sterf?

4As ons besluit om in die stad in te gaan, dan sal ons daar sterf, want daar is nie kos nie. En as ons hier bly, dan sal ons hier sterf. Daarom, kom ons loop na die Arameërs toe. As hulle ons laat lewe, dan lewe ons, en as hulle ons doodmaak, dan sterf ons.”

5Toe dit begin donker word, staan die vier melaatse mans op om na die Arameërs se kamp te gaan, maar toe hulle by die kamp kom, was hulle baie verbaas, want daar was niemand nie.

6Die Here het iets laat gebeur. Die Arameërs het gedink hulle hoor dat daar perde en oorlogkarre en baie manne aankom, en toe sê die Arameërs vir mekaar: “Kan julle dit hoor? Die koning van Israel het die konings van die Hetiete en van Egipte gehuur om te kom oorlog maak teen ons.”

7Dit het begin donker word, en die Arameërs het gevlug. Hulle het hulle tente en hulle perde en donkies alles daar gelos en hulle het gevlug, hulle wou nie sterf nie.

8Die vier melaatse mans kom toe by die kamp en hulle gaan in ’n tent in en hulle eet en drink. Hulle vat toe ook goud en silwer en klere en hulle gaan begrawe dit. Daarna het hulle teruggekom en in nog ’n tent ingegaan. Hulle het daar ook goed gevat en gaan begrawe.

9En toe sê hulle vir mekaar: “Ons doen nou verkeerd. Vandag is ’n dag van goeie nuus, maar ons bly stil. Ons moenie wag tot môre nie, dit sal verkeerd wees. Kom ons gaan vertel dit vir die mense by die paleis.”

10Hulle kom toe by die poort van die stad en hulle skree vir die wagte: “Ons het in die Arameërs se kamp gekom, en daar was niemand nie. Die perde en donkies is daar vasgemaak, en die tente is ook nog daar.”

11Die wagte het dit by die paleis gaan vertel,

12en toe die koning dit daardie nag hoor, het hy opgestaan en vir sy amptenare gesê: “Ek weet wat die Arameërs met ons wil doen. Hulle weet ons is honger. Hulle het uitgegaan uit die kamp en hulle het in die veld gaan wegkruip. Hulle wil ons lewendig vang wanneer ons uit die stad kom, sodat hulle in die stad kan inkom.”

13Een van die amptenare van die koning sê toe: “Die perde wat nog oor is in die stad, sal ook doodgaan soos baie van ons mense. Kom ons neem vyf van die perde en ons stuur mense om te gaan kyk.”

© Bible Society of South Africa.

14Hulle het toe twee oorlogkarre en perde geneem, en die koning het manne gestuur
om te gaan kyk waar die Arameërs is.

15Die manne het tot by die Jordaan-rivier gegaan om die Arameërs te soek. Oral op
die pad het klere en wapens gelê wat die Arameërs weggegooi het terwyl hulle
weggehardloop het. Die manne het teruggegaan en hulle het dit vir die koning vertel.

16Toe het die mense van die stad uitgegaan en hulle het alles gevat wat in die
Arameërs se tente was. Alles het gebeur soos die Here gesê het: Een sea koringmeel
het ’n sikkel gekos en twee sea gars het ook ’n sikkel gekos.

17Die koning het vir die offisier wat langs hom gestaan het, gesê hy moet by die
poort staan en kyk dat alles reg gaan. Maar die mense het die offisier doodgetrap in
die poort.

18Dit het gebeur soos die man van God vir die koning gesê het. Hy het gesê: “Môre,
hierdie selfde tyd, sal twee sea gars een sikkel kos en een sea koringmeel sal ook een
sikkel kos.”

19Daardie offisier het toe vir die man van God geantwoord en gesê: “Dit wat jy sê,
kan nooit gebeur nie, ook nie as die Here vensters in die hemel maak waardeur die
reën kan val nie.” En Elisa het gesê: “Jy sal sien dat dit gebeur, maar jy sal nie self van
daardie meel of gars eet nie.”

20En dit het toe so met die offisier gebeur. Die mense het hom doodgetrap in die
poort.

2 Konings 8

Die vrou van Sunem kry haar huis en haar grond terug

1Elisa het voorheen ’n vrou se seun weer laat lewe. Hy het met haar gaan praat en vir
haar gesê: “Jy moet gereedmaak en weggaan, jy en jou huisgesin, en jy moet gaan
woon in ’n ander land waar jy ’n vreemdeling is, want die Here het gesê daar sal
sewe jaar lank hongersnood in hierdie land wees.”

2Die vrou het gereedgemaak en sy het gedoen wat die man van God vir haar gesê
het. Sy en haar huisgesin het sewe jaar lank in Filistyne-land gaan woon, hulle was
daar vreemdelinge.

3Ná die sewe jaar het die vrou teruggekom uit Filistyne-land. Sy het toe vir die koning
gaan vra dat hy haar moet help sodat sy haar huis en haar grond kan terugkry.

4Die koning was besig om te praat met Gehasi, die jongman wat vir die man van God
gewerk het. Die koning het gevra Gehasi moet vir hom vertel van al die wonderlike
dinge wat Elisa gedoen het.

5Gehasi het vir die koning vertel dat Elisa ’n seun wat dood was, weer laat lewe het.
Daardie selfde tyd het die seun se ma daar gekom. Sy het gevra dat die koning haar

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

moet help om haar huis en haar grond terug te kry. Gehasi sê toe: “Meneer die koning, hier is die vrou, en hier is haar seun, Elisa het hom weer laat lewe.”

6Die koning het vir die vrou gevra wat gebeur het, en sy het vir hom alles vertel. Die koning het toe ’n amptenaar saam met haar laat gaan en hy het vir die amptenaar gesê: “Sy moet alles terugkry wat aan haar behoort, ook al die geld vir die koring wat op haar grond gegroei het, van die dag toe sy uit die land gegaan het, tot nou toe.”

Gasael word koning van Aram

7Elisa het in Damaskus gekom. Koning Ben-Hadad van Damaskus was siek en toe hy hoor die man van God het in Damaskus aangekom,

8het hy vir Gasael gesê: “Jy moet ’n present saamneem en na die man van God toe gaan. Jy moet vir hom sê ek is siek en hy moet vir die Here vra of ek sal gesond word of sal sterf.”

9Gasael het na Elisa toe gegaan en hy het ’n present saamgeneem. Dit was van die beste goed van Damaskus, en hulle het dit op 40 kamele gepak. Gasael het by Elisa gekom en gesê: “Koning Ben-Hadad het my na jou toe gestuur om te vra of hy sal gesond word of sal sterf, want hy is siek.”

10Elisa het geantwoord: “Sê vir Ben-Hadad hy sal nie gesond word nie. Hy sal sterf, dit is seker. Die Here het dit vir my gewys.”

11Elisa het lank na Gasael gekyk, Gasael het later nie geweet wat om te doen nie. Elisa het toe gehuil.

12Gasael het gevra: “Hoekom huil jy, Meneer?” En Elisa het gesê: “Ek huil omdat ek weet watter slegte dinge jy aan die mense van Israel sal doen. Jy sal hulle stede verbrand, hulle jongmanne doodmaak, hulle babas stukkend slaan en hulle vroue oopsny wat babas verwag.”

13Gasael het gesê: “Ek is nie belangrik nie, ek is soos ’n hond wat niks beteken nie. Ek sal nie daardie slegte dinge doen nie.” En toe sê Elisa: “Die Here het vir my gewys dat jy die koning van die Arameërs sal word.”

14Gasael het weggegaan van Elisa en hy het by sy koning gekom. Toe die koning vir hom vra wat Elisa gesê het, het hy gesê: “Hy het vir my gesê dat jy gesond sal word, dit is seker.”

15Maar die volgende dag het Gasael ’n laken natgemaak en hy het dit oor Ben-Hadad se gesig vasgedruk sodat hy nie kon asemhaal nie. Ben-Hadad het gesterf en Gasael het toe koning geword in Ben-Hadad se plek.

Joram seun van Josafat word koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 21:1-10)

16Joram seun van Josafat het koning van Juda geword in die vyfde jaar nadat Joram seun van Agab koning van Israel geword het.

© Bible Society of South Africa.

17Joram seun van Josafat was 32 jaar oud toe hy in Jerusalem koning geword het, en
hy was ag jaar lank koning.

18Hy het verkeerd gelewe soos die konings van Israel, soos die familie van Agab,
want hy was getroud met ’n dogter van Agab. Joram het dinge gedoen waarvan die
Here nie hou nie.

19Maar die Here wou nie hê dat almal in Juda moet sterf nie, want Hy het vir Dawid
belowe dat daar altyd iemand van Dawid se nageslag koning sal wees in Jerusalem.

20In die tyd toe Joram koning van Juda was, het die Edomiete opstandig geword
teen Juda, en die Edomiete het vir hulleself ’n koning gekies en aangestel.

21Joram het oorlogkarre geneem en hy het na die land Seïr gegaan. Die Edomiete
het rondom hom en sy offisiere kom staan, hulle was gereed om oorlog te maak.
Joram het hulle in die nag aangeval, maar sy manne het na hulle tente gevlug.

22Die Edomiete is nou nog altyd vry, Juda regeer nie oor hulle nie. Die mense van die
stad Libna het in dieselfde tyd ook opstandig geword.

23Al die ander dinge wat Joram gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die
konings van Juda.

24Joram het gesterf, en sy mense het hom begrawe by sy voorvaders in
die Dawidstad. Sy seun Ahasia het koning geword ná hom.

Ahasia word koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 22:1-6)

25Ahasia seun van Joram het koning van Juda geword in die twaalfde jaar nadat
Joram seun van Agab koning van Israel geword het.

26Ahasia was 22 jaar oud toe hy koning geword het in Jerusalem, en hy was een jaar
lank koning. Sy ma was Atalia, ’n kleindogter van koning Omri van Israel.

27Ahasia het gelewe soos die familie van Agab, hy het dinge gedoen waarvan die
Here nie hou nie. Hy het gedoen soos die familie van Agab, want sy ma was ’n dogter
van Agab.

28Ahasia het saam met Joram gaan oorlog maak teen koning Gasael van Aram. Dit
was by die stad Ramot in die land Gilead, en die Arameërs het vir Joram gewen.

29Die Arameërs het vir koning Joram raakgeskiet en hulle het hom gewond toe hy in
die stad Ramot oorlog gemaak het teen koning Gasael van Aram. Koning Joram het
toe teruggegaan na die stad Jisreël om gesond te word. Ahasia seun van koning
Joram van Juda het vir Joram seun van Agab gaan besoek in Jisreël, want Joram was
siek.

2 Konings 9

’n Profeet salf vir Jehu om koning te wees

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Die profeet Elisa het een van die profete geroep en vir hom gesê: “Jy moet jou klere
vasmaak en hierdie kruikie olyf-olie neem en na die stad Ramot in die land Gilead
gaan.

2Wanneer jy daar kom en jy sien vir Jehu seun van Josafat seun van Nimsi, dan moet
jy vir hom sê hy moet daar uitkom, weg van die ander offisiere, en jy moet hom
alleen na ’n kamer neem.

3Dan moet jy die kruikie olyf-olie op sy kop uitgooi en jy moet sê: ‘Die Here sê
Hy salf jou om koning te wees van Israel.’ Dan moet jy die deur oopmaak en dadelik
weggaan.”

4Die jongman, die profeet, het na Ramot in Gilead gegaan,

5en toe hy daar kom, sien hy die offisiere daar sit. Hy het vir Jehu gesê: “Offisier, ek
het ’n boodskap vir jou.” Jehu vra toe: “Vir wie van ons is die boodskap?” Die profeet
antwoord toe: “Die boodskap is vir jóú, Offisier.”

6Jehu het opgestaan en in die huis ingegaan, en die profeet het die olyf-olie op sy
kop uitgegooi en vir hom gesê: “Die Here, die God van Israel, sê: Ek salf jou om
koning te wees van my volk Israel.

7Jy moet die familie van jou koning Agab doodmaak. Ek wil hulle straf omdat Isebel
my dienaars die profete en al my ander dienaars vermoor het.

8Die familie van Agab sal almal sterf. Ek sal die mans en die seuns van die familie van
Agab almal laat doodmaak, elkeen in die land Israel, almal wat getroud is of wat nie
getroud is nie.

9Ek sal met die familie van koning Agab doen soos Ek gedoen het met die familie van
koning Jerobeam seun van Nebat en met die familie van koning Baesa seun van
Agija.

10Die honde sal vir Isebel opvreet by die stad Jisreël, niemand sal haar begrawe nie.”

Jehu word koning van Israel

Nadat die profeet hierdie boodskap vir Jehu gebring het, het hy die deur oopgemaak
en vinnig weggegaan.

11Jehu het uitgegaan na die offisiere van sy koning toe, en een offisier het vir hom
gevra: “Is daar ’n probleem? Hoekom het daardie mal man na jou toe gekom?” Jehu
het vir hulle gesê: “Julle weet self hoe daardie man praat.”

12Maar die ander offisiere het gesê: “Nee, jy jok, vertel vir ons wat hy gesê het.” En
toe sê Jehu: “Die profeet het vir my gesê die Here sê Hy salf my om koning te wees
van Israel.”

13Toe trek die offisiere dadelik hulle klere uit en hulle gooi dit op die trappe oop voor
Jehu en hulle blaas die ramshoring en hulle skree: “Jehu het koning geword!”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Jehu maak vir koning Joram dood

14-15Jehu seun van Nimsi het saam met die offisiere planne gemaak om koning Joram dood te maak. Joram was toe in die stad Jisreël om gesond te word, want die Arameërs het hom raakgeskiet en gewond toe hy die stad Ramot in Gilead wou terugvat. Joram en al die manne van Israel het daar geveg teen koning Gasael van Aram. Jehu het vir die offisiere gesê: “As julle wil hê ek moet koning word, dan moet julle seker maak dat niemand hier uit Ramot wegkom om vir die koning in Jisreël te gaan vertel wat ons wil doen nie.”

16Jehu het na Jisreël gery, want Joram het daar siek gelê, en koning Ahasia van Juda het vir Joram kom besoek.

17Die wag op die toring van Jisreël het die klomp mense van Jehu gesien aankom en hy het geskree: “Ek sien ’n klomp mense!” Joram het gesê: “Stuur ’n boodskapper op ’n perd na hulle toe en sê hy moet vra of daar ’n probleem is.”

18Die boodskapper het na Jehu toe gegaan en gesê: “Die koning vra of daar ’n probleem is.” Jehu het gesê: “Hoekom vra jy of daar ’n probleem is? Dit maak nie saak nie, draai om en kom saam met my.” Die wag het geskree: “Die boodskapper het by die klomp mense gekom, maar hy kom nie terug nie.”

19Die koning het weer ’n boodskapper op ’n perd gestuur, en hy het by die manne gekom en gesê: “Die koning vra of daar ’n probleem is.” En Jehu het gesê: “Hoekom vra jy of daar ’n probleem is? Dit maak nie saak nie, draai om en kom saam met my.”

20Die wag het geskree: “Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy kom ook nie terug nie. Dit lyk of dit Jehu is wat op die oorlogkar ry, want hy jaag soos ’n mal mens.”

21Joram sê toe hulle moet sy oorlogkar inspan. Hulle het dit gedoen, en hy en koning Ahasia van Juda het elkeen op sy eie oorlogkar gery om vir Jehu te gaan ontmoet. Hulle het hom gekry op die grond van Nabot van Jisreël.

22Toe Joram sien dit is Jehu, vra hy: “Jehu, is daar ’n probleem?” Jehu het geantwoord: “Die probleem is dat jou ma Isebel vir die mense leer om afgode te dien en om te toor.”

23Joram het omgedraai met sy wa en hy het vir Ahasia geskree: “Hulle het ons verraai!”

24Maar Jehu het sy boog se snaar styfgetrek en hy het vir Joram bo in sy rug geskiet. Die pyl het deur Joram se hart gegaan en hy het op die wa dood neergeval.

25Jehu het vir sy offisier Bidkar gesê: “Vat hom en gooi hom op die grond van Nabot van Jisreël. Onthou jy dat ek en jy agter sy pa Agab gery het toe die Here gesê het dit sal gebeur?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26Die Here het gesê: ‘Ek het gisteraand die bloed van Nabot en sy seuns gesien, en Ek
belowe Ek sal jou op hierdie selfde grond daaroor straf.’ ” Jehu sê toe: “Vat hom en
gooi hom op die grond, soos die Here gesê het.”

Jehu laat koning Ahasia doodmaak

(Kyk ook 2 Kron 22:7-9)

27Toe koning Ahasia van Juda sien wat gebeur, het hy weggejaag op die pad na die
stad Bet-Gan, maar Jehu het hom gevolg en gejaag en gesê: “Hy moet ook sterf.”
Jehu se manne het vir Ahasia geskiet op sy wa toe hy na die stad Gur gery het. Dit is
naby die stad Jibleam. Ahasia het na die stad Megiddo gevlug, en hy het daar gesterf.

28Sy amptenare het hom na Jerusalem gebring en hulle het hom begrawe in sy graf
by sy voorvaders in die Dawidstad.

29Ahasia het koning van Juda geword in die elfde jaar nadat Joram seun van Agab
koning geword het.

Jehu laat vir Isebel doodmaak

30Toe Isebel hoor dat Jehu in die stad Jisreël aangekom het, het sy oogverf aan haar
oë gesmeer en sy het haar hare mooi gemaak en voor ’n venster gaan staan.

31Toe Jehu by die poort kom, het Isebel gesê: “Wat is jou probleem? Jy is soos Simri,
jy het ook jou koning vermoor.”

32Jehu het opgekyk na die venster en gevra: “Wie wil vir my help? Wie?” Twee of
drie van die paleiswerkers het by vensters afgekyk na Jehu, en hy het gesê: “Gooi
Isebel af!”

33Hulle het haar afgegooi. Haar bloed het teen die muur en teen die perde gespat, en
die perde het haar doodgetrap.

34Jehu het ingegaan en geëet en gedrink. Daarna het hy gesê: “Julle moet kyk en
seker maak dat iemand daardie slegte vrou begrawe, want sy is ’n koning se dogter.”

35Maar toe hulle gaan om haar te begrawe, het hulle net haar kopbeen en voete en
hande gekry.

36Hulle het teruggekom en hulle het dit vir Jehu vertel. Jehu het toe gesê: “Dit was
die boodskap wat die Here gestuur het saam met sy dienaar Elia van Tisbe. Elia het
gesê: ‘Die honde sal Isebel se vleis vreet op die oop stuk grond by Jisreël,

37en dit wat van haar oorbly, sal wees soos kraalmis op die land hier by Jisreël,
niemand sal kan sê dit is Isebel nie.’ ”

2 Konings 10

Jehu laat die seuns van Agab doodmaak

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

1Daar was 70 seuns van Agab in die stad Samaria. Jehu het briewe gestuur na die
leiers in Samaria en na die mense wat Agab se kinders moes grootmaak. Hy het die
briewe ook gestuur vir die leiers van die stad Jisreël. In die briewe het hy geskryf:

2"Julle koning se seuns is by julle, en ook sy oorlogkarre en perde en wapens, en
julle is in 'n stad wat sterk mure het. Wanneer julle hierdie brief kry,

3dan moet julle kyk watter seun van julle koning is die beste om die werk te doen.
Dan moet julle hom op die troon van sy pa laat sit en julle moet veg vir die familie
van julle koning."

4Die leiers het baie bang geword en gesê: "Twee konings kon nie teen Jehu wen nie,
ons sal ook nie teen hom kan wen nie."

5Die bestuurder van die paleis en die burgemeester en die leiers en die mense wat
die koning se kinders moes grootmaak, het toe vir Jehu 'n boodskap gestuur en gesê:
"Ons wil vir jou werk, ons sal alles doen wat jy sê. Ons wil nie vir iemand anders
koning maak nie. Jy moet doen wat jy dink is reg."

6Jehu skryf toe weer 'n brief en hy sê in die brief: "As julle kies om my te help en as
julle wil doen wat ek sê, dan moet julle môre hierdie selfde tyd die koppe van die
prinse vir my na Jisreël bring." Die 70 prinse was in die stad by belangrike mense wat
die kinders moes grootmaak.

7Toe die brief by hierdie belangrike mense kom, het hulle die 70 prinse almal
doodgemaak. Hulle het die koppe in mandjies gesit en hulle het dit vir Jehu in Jisreël
gestuur.

8Toe Jehu die boodskap kry dat hulle die prinse se koppe gebring het, het hy gesê:
"Sit die koppe bymekaar in twee hope voor die poort en laat dit daar bly tot môre."

9Die volgende oggend het Jehu uitgegaan. Hy het by die poort gaan staan en vir al
die mense gesê: "Julle is onskuldig. Dit is ék wat planne gemaak het teen my koning,
en ék het hom doodgemaak. Maar wie het al hierdie prinse doodgemaak?

10Julle moet dit weet: Alles het gebeur wat die Here gesê het oor die familie van
Agab. Die Here het sy dienaar Elia gestuur om die boodskap te bring, en die Here het
gedoen wat Hy gesê het."

Jehu maak die ander familie van Agab dood

11Jehu het almal doodgemaak wat nog oor was van die familie van Agab in die stad
Jisreël, ook al die belangrike amptenare van Agab, en sy vriende en sy priesters.
Jehu het nie een laat aanhou lewe nie.

12Daarna het hy gereedgemaak en na Samaria gegaan. Langs die pad by die stad Bet-
Eked-Roïm

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13het hy koning Ahasia van Juda se broers gekry. Hy het gevra: “Wie is julle?” Hulle het gesê: “Ons is Ahasia se broers en ons gaan om te hoor hoe dit gaan met die prinse en met die seuns van die koning se ma.”

14Jehu sê toe: “Vang hulle lewendig!” Sy manne het Ahasia se broers gevang en doodgemaak by die watergat van Bet-Eked. Hulle was 42 mans, almal het gesterf, nie een het aangehou lewe nie.

15Toe Jehu verder gaan, kry hy vir Jonadab seun van Rekab en hy groet hom en vra: “Jonadab, ek is jou vriend en ek wil jou help. Wil jy ook vir my help?” Jonadab het gesê: “Ja, ek wil jou help, gee vir my jou hand.” Jonadab het sy hand vir hom gegee en Jehu het vir Jonadab gehelp om op die oorlogkar te klim.

16Hy het vir Jonadab gesê: “Jy moet saam met my kom, dan kan jy sien hoe werk ek vir die Here.” Jonadab het saamgery op die oorlogkar.

17Toe Jehu in Samaria aankom, het hy al die familie van Agab wat nog gelewe het in Samaria, doodgemaak. Nie een het aangehou lewe nie. Dit was soos die Here vir Elia gesê het.

Jehu laat die mense doodmaak wat vir Baäl gedien het

18Jehu het daarna al die mense laat bymekaarkom en hy het vir hulle gesê: “Agab het vir Baäl net ’n bietjie gedien, maar ek, Jehu, gaan vir Baäl baie dien.

19Daarom, roep al die profete van Baäl en almal wat hom dien en al sy priesters. Julle moenie een laat wegbly nie, want ek wil vir Baäl ’n groot offer bring. Ek sal almal laat doodmaak wat nie kom nie.” Jehu het dit gesê omdat hy almal wou doodmaak wat vir Baäl gedien het.

20Hy het gesê hulle moet vir almal sê daar sal ’n feesdag vir Baäl wees. Hulle het dit gedoen,

21en Jehu het dit vir al die mense van Israel laat weet. Almal wat vir Baäl gedien het, het gekom. Niemand het by die huis gebly nie. Hulle het na die tempel van Baäl gekom, en die tempel was heeltemal vol, van die een kant tot by die ander kant.

22Toe sê Jehu vir die amptenaar wat die klerekamer moes oppas: “Jy moet klere bring vir almal wat vir Baäl dien.” Die amptenaar se mense het die klere uitgebring,

23en Jehu en Jonadab seun van Rekab het in die tempel van Baäl ingegaan en hulle het vir die mense wat vir Baäl gedien het, gesê: “Julle moet kyk, hier moenie dienaars van die Here tussen julle wees nie. Hier moet net mense wees wat vir Baäl dien.”

24Hulle het toe ingegaan om die brand-offers en ander offers te bring. Jehu het 80 manne buite laat staan en hy het vir hulle gesê: “Julle moet hierdie mense doodmaak. As een van julle iemand hier vry laat wegkom, dan sal hy sterf.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Dadelik nadat Jehu klaar die brand-offer ge-offer het, het hy vir die wagte en die offisiere gesê: “Gaan in en maak hulle almal dood, niemand moet uitkom nie.” Hulle het toe die mense wat vir Baäl gedien het, doodgesteek met swaarde. Die wagte en die offisiere het die dooie liggame uitgegooi. Toe het hulle in die agterste kamer van die tempel ingegaan

26en hulle het die klip-pale uit die tempel van Baäl gebring en in die vuur gegooi.

27Hulle het Baäl se klip-paal stukkend geslaan en hulle het die tempel van Baäl afgebreek. Hulle het ’n toilet daarvan gemaak. Dit is vandag nog so.

Jehu, koning van Israel

28Party mense in Israel het voorheen vir Baäl gedien. Jehu het dit nou gestop.

29Maar hy het aangehou om die sondes te doen wat Jerobeam seun van Nebat die Israeliete laat doen het. Die goue kalfbeelde was nog in die stede Bet-El en in Dan.

30Die Here het vir Jehu gesê: “Jy het dinge gedoen waarvan Ek hou, en jy het met die familie van Agab gedoen wat Ek wil hê. Daarom sal jou nageslag nog vier geslagte lank op die troon van Israel sit.”

31Maar Jehu het nie met sy hele hart gedoen wat die wette van die Here sê nie, hy het nie opgehou om die sondes te doen wat Jerobeam die Israeliete laat doen het nie.

32In die tyd toe Jehu koning was, het die Here begin om die land Israel kleiner te maak. Koning Gasael het die mense van Israel oral in die land oorwin.

33Hy het die grond oos van die Jordaan-rivier gevat. Dit was die hele land Gilead waar die stamme Gad, Ruben en Manasse gewoon het, die hele land noord van die stad Aroër in die Arnon-vallei tot by die land Gilead en die land Basan.

Jehu sterf

34Die ander dinge wat Jehu gedoen het, al die belangrike dinge wat hy gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

35Jehu het gesterf, en sy mense het hom begrawe in Samaria. Sy seun Joahas het koning geword ná hom.

36Jehu was 28 jaar lank in Samaria die koning van Israel.

2 Konings 11

Joas word koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 22:10-24:3)

1Toe Ahasia se ma, Atalia, hoor dat haar seun dood is, het sy dadelik die hele familie van die koning doodgemaak.

© Bible Society of South Africa.

[2]Maar Ahasia se suster Jehoseba het Ahasia se seun Joas weggeneem van die prinse, niemand het daarvan geweet nie. Atalia het al die ander prinse doodgemaak. Jehoseba was ’n dogter van koning Joram. Sy het vir Joas en die vrou wat hom moes oppas, weggesteek in ’n slaapkamer by die tempel sodat Atalia hom nie kon kry om hom dood te maak nie.

[3]Hulle het vir Joas ses jaar lank in die tempel weggesteek terwyl Atalia oor die land regeer het.

[4]Die volgende jaar het die priester Jojada gepraat met die offisiere van die wagte wat die koning moes oppas en met die wagte by die paleis. Hy het gesê hulle moet na die tempel kom. Jojada het ’n ooreenkoms gemaak met hulle. Hy het hulle in die tempel laat belowe dat hulle sal stilbly en toe het hy vir hulle die prins gewys.

[5]Daarna het hy vir die wagte gesê: “Luister wat julle moet doen: Een derde van julle moet op die Sabbatdag kom wagstaan by die paleis,

[6]een derde moet wagstaan by die Sur-poort en een derde moet wagstaan by die poort agter die wagte. Julle moet nou by die tempel wagstaan, elkeen moet wagstaan wanneer dit sy beurt is.

[7]“Die twee groepe wat klaar waggestaan het, moet by die koning wagstaan, by die tempel.

[8]Julle moet rondom die koning staan, elkeen met sy wapen in sy hand. As iemand probeer om tussen julle in te kom, dan moet julle hom doodmaak. Julle moet altyd by die koning wees, oral waar hy gaan.”

[9]Die offisiere het alles gedoen wat die priester Jojada gesê het. Elke offisier het sy manne geneem, die manne wat op die Sabbatdag moet kom wagstaan en ook die manne wat klaar waggestaan het, en hulle het na die priester Jojada toe gekom.

[10]Die priester het spiese en skilde vir die offisiere gegee. Dit het voorheen aan koning Dawid behoort en dit was in die tempel.

[11]Al die wagte het met hulle wapens in hulle hande rondom die koning by die tempel gaan staan, van die suidekant van die tempel tot by die noordekant van die altaar.

[12]Die priester het die prins uitgebring. Hy het die kroon op die prins se kop gesit en hy het vir hom ’n brief gegee. In die brief was geskryf dat hulle hom gekies en aangestel het om koning te wees. Hulle het hom gesalf en hom koning gemaak. Hulle het hande geklap en gesê: “Ons bid dat die koning lank sal lewe!”

[13]Atalia het gehoor hoe skree die wagte en die ander mense. Hulle was by die tempel, en sy het na hulle toe gegaan.

[14]En daar sien sy toe die koning staan by die pilaar waar konings altyd staan. Sy het ook gesien die amptenare en die mense wat die trompette blaas, is by hom, en sy

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

het gehoor hoe al die belangrike mense van die land juig en trompette blaas. Atalia het haar klere geskeur en geskree: “Julle het my verraai! Julle het my verraai!”

15Die priester Jojada sê toe vir die offisiere en vir die hoofde van die leër: “Vat haar uit buitetoe en maak die mense dood wat saam met haar gaan. Julle moet haar doodmaak, maar nie hier by die tempel nie.”

16Hulle het Atalia gegryp en hulle het haar gevat na die hek waar die perde deurgaan na die paleis, en daar het hulle haar doodgemaak.

17Jojada het ’n verbond gemaak tussen die Here en die koning en die volk. Hulle het belowe dat hulle ’n volk van die Here sal wees. Jojada het die verbond ook tussen die koning en die volk gemaak.

18Al die belangrike mense van die land het toe na die Baäl-tempel gegaan en hulle het dit afgebreek. Hulle het die altare en die beelde stukkend geslaan, en hulle het vir Mattan, die priester van Baäl, daar by die altare doodgeslaan. Jojada het wagte by die tempel laat bly,

19en toe het hy die offisiere en die wagte wat die koning moes oppas en al die belangrike mense van die land saam met hom geneem. Hulle het die koning uit die tempel gebring en hulle het hom deur die Wag-poort van die paleis geneem. Hulle het hom op die troon laat sit.

20Al die belangrike mense van die land was bly, en die mense in die stad was tevrede en stil. Hulle het vir Atalia by die paleis doodgemaak.

21Joas was sewe jaar oud toe hy koning geword het.

2 Konings 12

Joas, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 24:1)

1Joas het koning van Juda geword in die sewende jaar nadat Jehu koning van Israel geword het. Joas was 40 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma se naam was Sibja, sy was van die stad Berseba.

2Joas het dinge gedoen waarvan die Here hou. Dit was so in die tyd toe die priester Jojada vir Joas geleer het.

3Maar Joas het nie die offer-plekke afgebreek nie. Die mense het nog ge-offer en hulle het wierook gebrand op die offer-plekke.

Joas laat die tempel regmaak

(Kyk ook 2 Kron 24:1-14)

4Joas het vir die priesters gesê hulle moet al die geld neem wat mense wy en wat hulle na die tempel bring, die geld wat hulle móét bring en die geld wat hulle self wil bring.

© Bible Society of South Africa.

5Hulle moet die geld neem van die mense wat dit bring, en dan moet hulle die tempel regmaak oral waar dit nodig is.

6Maar in die 23ste jaar nadat Joas koning geword het, het die priesters nog nie die werk aan die tempel begin doen nie.

7Joas roep toe die priester Jojada en die ander priesters en hy sê vir hulle: “Hoekom maak julle nie die tempel reg nie? Van nou af mag julle nie meer die geld hou wat die mense bring nie, julle moet dit gebruik om die tempel reg te maak.”

8Die priesters het gesê dit is goed, hulle sal nie meer die geld wat die mense bring, hou nie, hulle sal dit net gebruik om die tempel reg te maak.

9Die priester Jojada het toe ’n kis geneem en hy het ’n gat in die deksel gemaak. Hy het die kis neergesit regs langs die altaar, waar die mense inkom. Die priesters wat by die deure wagstaan, het al die geld geneem wat mense na die tempel gebring het en hulle het die geld in die kis gegooi.

10Toe hulle sien daar is baie geld in die kis, het die sekretaris van die koning en die hoëpriester gekom en hulle het die geld getel en in sakke gesit.

11Daarna het hulle die geld gegee vir die voormanne wat die werk moes laat doen, en die voormanne het die geld gebruik om die skrynwerkers en die bouers wat aan die tempel gewerk het, te betaal.

12Hulle het ook die messelaars betaal en die mense wat die klippe gekap het. Hulle het ook hout en gekapte klip gekoop om die tempel reg te maak en om alles te doen wat nodig is.

13Hulle het nie die geld gebruik om silwerbakke, skêre, skottels, trompette of enige ander goue of silwer gereedskap vir die tempel te maak nie.

14Hulle het die geld gegee vir die voormanne wat die werk moes laat doen, en die voormanne het die geld gebruik om die tempel te laat regmaak.

15Die sekretaris van die koning en die hoëpriester het die geld vir die voormanne gegee, en die voormanne het eerlik gewerk. Die sekretaris en die hoëpriester het nie gesê die voormanne moet kom sê wat hulle met die geld gedoen het nie.

16Mense het ook geld betaal vir skuld-offers en vir sonde-offers, maar die voormanne het nie daardie geld gebruik vir die tempel nie, daardie geld was vir die priesters.

Joas gee die silwer en die goud van die tempel en van die paleis vir koning Gasael van Aram

17In daardie tyd het koning Gasael van Aram die stad Gat aangeval en oorwin, en daarna het hy gekom om Jerusalem aan te val.

© Bible Society of South Africa.

18Koning Joas van Juda het toe al die gewyde presente geneem wat sy voorvaders Josafat, Joram en Ahasia, die konings van Juda, gewy het, en ook sy eie gewyde presente, al die goud wat hy kon kry in die stoorkamers van die tempel en die paleis. Hy het dit vir koning Gasael van Aram gestuur. Gasael het toe nie vir Jerusalem aangeval nie.

Joas sterf

(Kyk ook 2 Kron 24:23-27)

19Al die ander dinge wat Joas gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

20Sy amptenare het opstandig geword teen hom en hulle het planne gemaak teen hom. Hulle het hom doodgemaak by die plek Bet-Millo, op die pad waar ’n mens na Silla gaan.

21Dit was sy amptenare Josabad seun van Simat en Jehosabad seun van Somer wat hom doodgemaak het. Hy het gesterf, en sy mense het hom begrawe by sy voorvaders in die Dawidstad. Sy seun Amasia het koning geword ná hom.

2 Konings 13

Joahas, koning van Israel

1Joahas seun van Jehu het in Samaria koning van Israel geword in die drie-en-twintigste jaar nadat Joas seun van Ahasia koning van Juda geword het.

2Joahas het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hy het dieselfde sondes gedoen wat Jerobeam seun van Nebat gedoen het en wat hy die mense van Israel laat doen het. Joahas het nie opgehou om hierdie sondes te doen nie.

3Die Here het kwaad geword vir die mense van Israel, en Hy het hulle vyande, koning Gasael van Aram en Ben-Hadad seun van Gasael, gehelp. Israel het die oorloë teen hulle verloor.

4Joahas het vir die Here gevra om hulle sondes te vergewe, en die Here het gedoen wat Joahas gevra het, want die Here het gesien dat die koning van Aram die mense van Israel laat swaarkry.

5Die Here het toe vir Israel ’n redder gegee, en hulle het vry geword van die Arameërs. Die mense van Israel kon toe weer in hulle huise woon, soos voorheen.

6Maar hulle het nog dieselfde sondes gedoen wat die familie van Jerobeam gedoen het en wat hulle die mense van Israel laat doen het. Die gewyde paal het ook nog in Samaria gestaan.

7Joahas het nie genoeg manne gehad om oorlog te maak nie. Daar was net 50 manne wat op perde gery het en tien oorlogkarre en 10 000 ander soldate. Die koning van Aram het die manne van Israel doodgemaak, hy het hulle soos stof getrap.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Joahas sterf

8 Al die ander dinge wat Joahas gedoen het, ook die dapper dinge wat hy gedoen het,
is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

9 Joahas het gesterf en sy mense het hom begrawe in Samaria. Sy seun Joas het
koning geword ná hom.

Joas seun van Joahas word koning van Israel

10 Joas seun van Joahas het in Samaria koning van Israel geword in die sewe-en-
dertigste jaar nadat koning Joas van Juda begin regeer het. Joas seun van Joahas was
16 jaar lank koning in Samaria.

11 Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hy het aangehou om die
sondes te doen wat Jerobeam seun van Nebat die mense van Israel laat doen het.

12 Al die ander dinge wat Joas gedoen het, ook die dapper dinge toe hy oorlog
gemaak het teen koning Amasia van Juda, is geskryf in die dagboeke van die konings
van Israel.

13 Joas het gesterf, en sy mense het hom begrawe in Samaria by die konings van
Israel. Jerobeam het daarna koning geword in Joas se plek.

Elisa sê vir Joas hy sal die Arameërs oorwin

14 Elisa was baie siek. ’n Kort tyd voordat hy gesterf het, het koning Joas van Israel na
hom toe gekom en by hom gehuil en gesê: “My vader, my vader, jy is Israel
se oorlogkar en sy soldate op perde!”

15 Elisa het vir die koning gesê: “Neem jou pyl en boog.” Koning Joas het dit gedoen,

16 en Elisa het vir hom gesê: “Sit jou hand op die boog.” Die koning het dit gedoen, en
Elisa het sy hande op die koning se hande gesit

17 en gesê: “Maak oop die venster na die ooste.” Joas het dit gedoen, en toe sê Elisa:
“Skiet.” Joas het ’n pyl geskiet, en toe sê Elisa: “Die pyl beteken die Here sal oorwin,
die Here sal die land Aram oorwin. Jy sal die Arameërs in die stad Afek oorwin, hulle
sal later niks meer kan doen nie.”

18 Toe sê Elisa: “Neem die pyle.” Joas het dit gedoen. Elisa sê toe vir hom: “Slaan
daarmee op die grond.” Koning Joas het drie maal op die grond geslaan en toe het hy
opgehou.

19 Die man van God het kwaad geword en vir Joas gesê: “Jy moes vyf of ses maal
geslaan het, dan sou jy Aram heeltemal oorwin het en hulle sou niks meer kon doen
nie. Maar nou sal jy net drie maal vir Aram oorwin.”

Elisa sterf, en sy bene laat iemand weer lewe

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Elisa het gesterf, en sy mense het hom begrawe. Omtrent die einde van daardie
jaar het groepe Moabiete in die land gekom en hulle het die mense van Israel
aangeval.

21Eendag wou mense iemand gaan begrawe. Hulle sien toe ’n groep Moabiete en
hulle gooi die persoon se liggaam in ’n graf, dit was Elisa se graf. Toe die man se
liggaam aan Elisa se bene raak, het die man weer begin lewe en hy het regop gaan
staan.

Joas oorwin die Arameërs

22Koning Gasael van Aram het die mense van Israel die hele tyd verdruk terwyl
Joahas koning was.

23Maar die Here was genadig vir die mense van Israel. Hy was jammer vir hulle en Hy
het aan hulle gedink omdat Hy ’n verbond gemaak het met Abraham, Isak en Jakob.
Hy wou nie hê dat die mense van Israel almal moet sterf nie. Hy het toe nog nie
besluit om hulle heeltemal te los nie.

24Nadat koning Gasael van Aram gesterf het, het sy seun Ben-Hadad koning geword
ná hom.

25Joas seun van Joahas het toe die stede teruggevat van Ben-Hadad. Dit was die
stede wat Gasael voorheen in die oorlog gevat het van Joas se pa Joahas. Joas het vir
Ben-Hadad drie maal oorwin en hy het die stede van Israel teruggevat.

2 Konings 14

Amasia, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 25:1-24)

1Amasia seun van Joas het koning van Juda geword in die tweede jaar nadat Joas
seun van Joahas koning van Israel geword het.

2Amasia was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 29 jaar lank koning in
Jerusalem. Sy ma se naam was Jehoaddan, sy was van Jerusalem.

3Amasia het dinge gedoen waarvan die Here hou, maar hy het nie alles gedoen soos
sy voorvader Dawid nie. Amasia het gedoen soos sy pa Joas gedoen het.

4Amasia het ook nie die offer-plekke afgebreek nie. Die mense het nog op die offer-
plekke ge-offer en wierook gebrand.

5Toe Amasia seker was dat hy koning sal bly, het hy sy amptenare doodgemaak wat
vir sy pa vermoor het.

6Hy het nie die kinders van die moordenaars doodgemaak nie, want in die Wette
van Moses is geskryf dat die Here gesê het: “ Wanneer ’n kind sonde doen, dan moet
sy pa nie daaroor sterf nie, en wanneer ’n pa sonde doen, dan moet sy kind nie
daaroor sterf nie. Elkeen mag net vir sy eie sondes sterf.”

© Bible Society of South Africa.

7Dit is Amasia wat 10 000 Edomiete oorwin het in die Sout-vallei. Hy het die stad Sela in die oorlog oorwin en gevat, en hy het die naam van die stad verander na Jokteël. Dit is tot vandag toe die naam van daardie stad.

8In daardie tyd het Amasia boodskappers gestuur na Joas seun van Joahas seun van koning Jehu van Israel. Die boodskappers moes vir Joas sê: “Kom ons maak oorlog teen mekaar.”

9Koning Joas van Israel het vir koning Amasia van Juda geantwoord: “Die doringbos op die Libanon-berg laat weet vir die sederboom op die Libanon-berg: ‘Gee jou dogter sodat my seun met haar kan trou.’ En toe kom daar ’n wilde dier van die Libanon-berg verby en hy trap die doringbos plat.

10Jy het die Edomiete oorwin, dit is seker. En nou verbeel jy jou dat jy baie belangrik is. Bly by jou huis. Hoekom wil jy probleme maak vir jouself? Jy sal sterf, en die mense van Juda saam met jou.”

11Maar Amasia wou nie luister nie. Toe het koning Joas van Israel gekom, en hy en koning Amasia van Juda het teen mekaar oorlog gemaak in die stad Bet-Semes. Bet-Semes het aan Juda behoort.

12Israel het gewen teen Juda, en die manne van Juda het gevlug, elkeen na sy huis.

13Koning Joas van Israel het vir koning Amasia seun van Joas seun van Ahasia gevang by Bet-Semes en hy het vir Amasia na Jerusalem gebring. Daar het Joas ’n stuk van Jerusalem se muur laat afbreek, die stuk muur was 400 el lank. Dit was tussen die Efraim-poort en die Hoek-poort.

14Joas het ook al die goud en silwer en die ander goed gevat wat hy in die tempel en in die stoorkamers van die paleis kon kry. Hy het ook gyselaars saam met hom geneem. En toe het hy teruggegaan na die stad Samaria.

Joas koning van Israel sterf

15Al die ander dinge wat Joas gedoen het, ook die dapper dinge wat hy gedoen het en sy oorlog teen koning Amasia van Juda, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

16Joas het gesterf, en sy mense het hom begrawe in Samaria by die konings van Israel. Sy seun Jerobeam het koning geword ná hom.

Amasia sterf

(Kyk ook 2 Kron 25:25-28)

17Koning Amasia van Juda, seun van Joas, het nog 15 jaar gelewe nadat Joas seun van Joahas koning van Israel gesterf het.

18Die ander dinge wat Amasia gedoen het, is geskryf in die dagboek van die konings van Juda.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19 Mense in Jerusalem het besluit om Amasia dood te maak. Hy het gevlug na die stad
Lakis, maar hulle het mense daarnatoe gestuur om hom te vang, en hulle het hom
daar doodgemaak.

20 Hulle het sy liggaam op perde teruggebring, en hulle het hom begrawe in
Jerusalem by sy voorvaders in die Dawidstad.

21 Al die mense in Jerusalem het toe vir Ussia geneem en hulle het hom koning
gemaak ná sy pa Amasia. Ussia was toe 16 jaar oud.

22 Dit is hý wat die stad Elat weer gebou het en wat die stad teruggevat het vir Juda.
Ussia het dit gedoen nadat koning Amasia gesterf het.

Jerobeam seun van Joas, koning van Israel

23 Jerobeam seun van Joas het in Samaria koning van Israel geword in die vyftiende
jaar nadat Amasia koning van Juda geword het. Jerobeam was 41 jaar lank koning.

24 Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het aangehou om die
sondes te doen wat Jerobeam seun van Nebat gedoen het en wat hy die mense van
Israel laat doen het.

25 Jerobeam seun van Joas het die grond weer teruggevat wat voorheen aan Israel
behoort het, dit was van die stad Lebo-Hamat tot by die Dooie See. Dit het gebeur
soos die Here gesê het toe Hy sy dienaar Jona seun van Amittai gestuur het om ’n
boodskap te bring. Jona was die profeet wat van die stad Gat-Gefer gekom het.

26 Die Here het gesien dit gaan sleg met Israel, baie sleg. Daar was toe niemand wat
vir Israel kon help nie, nie ’n slaaf of ’n vry mens nie.

27 Die Here wou nie almal in die land Israel laat sterf nie, en Hy het vir Jerobeam seun
van Joas gehelp om vir Israel te red.

Jerobeam sterf

28 Al die ander dinge wat Jerobeam gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die
konings van Israel. Hy het dapper dinge gedoen toe hy oorlog gemaak het en die
stede Damaskus en Hamat teruggevat het. Damaskus en Hamat het voorheen aan
Israel behoort.

29 Jerobeam het gesterf, en sy seun Sagaria het koning geword ná hom.

2 Konings 15

Ussia, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 26:1-23)

1 Ussia seun van koning Amasia van Juda het koning geword in die sewe-en-
twintigste jaar nadat Jerobeam koning van Israel geword het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Ussia was 16 jaar oud toe hy koning geword het en hy was 52 jaar lank koning in
Jerusalem. Sy ma was Jekolja, sy was van Jerusalem.

3Ussia het dinge gedoen waarvan die Here hou, hy het gedoen soos sy pa Amasia.

4Maar hy het nie die offer-plekke afgebreek nie. Die mense het nog op die offer-
plekke ge-offer en wierook gebrand.

5Die Here het die koning melaats laat word. Hy was melaats totdat hy gesterf het.
Hy het apart in ’n huis gewoon, en sy seun Jotam het oor die paleis en die mense van
die land regeer.

6Al die ander dinge wat Ussia gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings
van Juda.

7Hy het gesterf, en sy mense het hom begrawe by sy voorvaders in die Dawidstad.
Sy seun Jotam het koning geword ná hom.

Sagaria, koning van Israel

8Sagaria seun van Jerobeam het in Samaria koning geword oor Israel in die ag-en-
dertigste jaar nadat Ussia koning van Juda geword het. Sagaria was ses maande lank
koning.

9Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het gedoen soos
sy voorvaders. Hy het aangehou om die sondes te doen wat Jerobeam seun van
Nebat gedoen het en wat hy die mense van Israel laat doen het.

10Sallum seun van Jabes het planne gemaak teen Sagaria en hy het Sagaria aangeval
waar al die mense dit kon sien. Sallum het hom doodgemaak en hy het koning
geword in Sagaria se plek.

11Al die ander dinge wat Sagaria gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die
konings van Israel.

12Dit het gebeur soos die Here vir Jehu gesê het: “ Jou nageslag sal tot in die
vierde geslag op die troon van Israel sit.”*

Sallum, koning van Israel

13Sallum seun van Jabes het koning geword in die nege-en-dertigste jaar nadat Ussia
koning van Juda geword het. Sallum was een maand lank koning in Samaria.

14Menahem seun van Gadi het van die stad Tirsa na Samaria gekom. Hy het vir
Sallum daar aangeval en doodgemaak. Menahem het koning geword in Sallum se
plek.

15Al die ander dinge wat Sallum gedoen het en sy planne teen koning Sagaria is
geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

16Sallum was koning toe Menahem die stad Tifsag oorwin het. Hy het almal in die
stad en naby die stad doodgemaak. Hy het van Tirsa gekom, en die leiers van Tifsag

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

wou nie die poorte van die stad oopmaak vir hom nie. Hy het al die vroue in die stad wat babas verwag het, oopgesny.

Menahem, koning van Israel

17 Menahem seun van Gadi het koning van Israel geword in die nege-en-dertigste jaar nadat Ussia koning van Juda geword het. Menahem was tien jaar lank koning in Samaria.

18 Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hy het sy hele lewe lank aangehou om die sondes te doen wat Jerobeam seun van Nebat gedoen het en wat hy die mense van Israel laat doen het.

19 Koning Pul van die land Assirië het gekom om Israel aan te val. Menahem het 1 000 talente silwer vir Pul gegee. Hy wou hê Pul moes hom help om koning te bly.

20 Menahem het gesê elke man wat ’n stuk grond gehad het in die land Israel, moet 50 sikkels silwer vir hom gee. Hy het daardie geld vir die koning van Assirië gegee. Die koning van Assirië het toe teruggegaan, hy en sy manne het nie in die land gebly nie.

21 Al die ander dinge wat Menahem gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

22 Hy het gesterf, en sy seun Pekahia het koning geword ná hom.

Pekahia, koning van Israel

23 Pekahia seun van Menahem het in Samaria koning van Israel geword in die vyftigste jaar nadat Ussia koning van Juda geword het. Pekahia was twee jaar lank koning.

24 Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hy het aangehou om die sondes te doen wat Jerobeam seun van Nebat gedoen het en wat hy die mense van Israel laat doen het.

25 Peka seun van Remalja was ’n offisier van koning Pekahia. Peka het planne gemaak teen Pekahia en hy het Pekahia aangeval in Samaria in die toring van die paleis. Argob en Arje en 50 manne van Gilead was saam met Peka. Peka het vir Pekahia doodgemaak en hy het koning geword in Pekahia se plek.

26 Al die ander dinge wat Pekahia gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

Peka, koning van Israel

27 Peka seun van Remalja het in Samaria koning van Israel geword in die twee-en-vyftigste jaar nadat Ussia koning van Juda geword het. Peka was 20 jaar lank koning.

28 Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hy het aangehou om die sondes te doen wat Jerobeam seun van Nebat gedoen het en wat hy die mense van Israel laat doen het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

29In die tyd toe Peka koning van Israel was, het koning Tiglat-Pileser van Assirië na Israel gekom. Hy het die stede Ijon, Abel-Bet-Maäka, Janoag, Kedes en Hasor oorwin. Hy het die hele land Naftali, die land Galilea en die land Gilead gevat. Hy het die mense gevang en weggevat na Assirië.

30Hosea seun van Ela het planne gemaak teen Peka seun van Remalja. Hosea het Peka aangeval en doodgemaak en Hosea het koning geword in Peka se plek. Dit was in die twintigste jaar nadat Jotam seun van Ussia koning van Juda geword het.

31Al die ander dinge wat Peka gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Israel.

Jotam, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 27:1-9)

32Jotam seun van koning Ussia van Juda het koning geword in die tweede jaar nadat Peka seun van Remalja koning van Israel geword het.

33Jotam was 25 jaar oud toe hy koning geword het en hy was 16 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Jerusa dogter van Sadok.

34Jotam het dinge gedoen waarvan die Here hou, soos sy pa Ussia.

35Maar hy het nie die offer-plekke afgebreek nie. Die mense het nog op die offer-plekke ge-offer en wierook gebrand. Dit is Jotam wat die boonste poort van die tempel laat bou het.

36Al die ander dinge wat Jotam gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

37In die tyd toe Jotam koning was, het die Here begin om vir Resin koning van Aram en vir Peka seun van Remalja te stuur om Juda aan te val.

38Jotam het gesterf, en sy mense het hom begrawe by sy voorvaders in die stad van sy voorvader Dawid. Sy seun Agas het koning geword ná hom.

2 Konings 16

Agas, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 28:1-27)

1Agas seun van koning Jotam van Juda het koning geword in die sewentiende jaar nadat Peka seun van Remalja koning van Israel geword het.

2Agas was 20 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 16 jaar lank koning in Jerusalem. Hy was nie soos sy voorvader Dawid nie, hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie.

3Hy het gedoen soos die konings van Israel, en hy het ook sy seun verbrand. Dit was een van die slegte dinge wat party van die ander volke gedoen het. Die Here het daardie volke weggejaag om plek te maak vir die Israeliete.

© Bible Society of South Africa.

4Agas het ge-offer en wierook gebrand op die offer-plekke en op die heuwels en onder elke groen boom.

5In die tyd toe Agas koning was, het Resin koning van Aram en Peka, seun van Remalja en koning van Israel, gekom om oorlog te maak teen Jerusalem. Hulle het hulle tente opgeslaan rondom die stad en hulle wou die stad aanval, maar hulle soldate kon nie in die stad inkom en begin oorlog maak nie.

6Dit was in die tyd toe koning Resin van Aram die stad Elat teruggevat het. Elat het toe weer aan Aram behoort. Resin het die Judeërs daar weggejaag. Daar het toe Arameërs na Elat gekom, en hulle woon vandag nog daar.

7Agas het boodskappers gestuur na koning Tiglat-Pileser van Assirië en hy het vir hom gesê: “Ek sal alles doen wat jy sê, ek sal jou respekteer. Kom asseblief en red my van die koning van Aram en van die koning van Israel. Hulle val my aan.”

8Agas het die silwer en die goud gevat wat hy in die tempel kon kry, en hy het vir die koning van Assirië ’n present gestuur.

9Die koning van Assirië het gedoen wat Agas gevra het. Hy het die stad Damaskus aangeval en gevat. Hy het die mense van die stad gevang en weggevat na die land Kir en hy het vir Resin doodgemaak.

10Koning Agas het vir koning Tiglat-Pileser gaan ontmoet in Damaskus. Toe Agas die altaar sien wat daar in Damaskus is, het hy ’n klein altaartjie gemaak wat dieselfde lyk en hy het dit saam met ’n plan van die altaar vir die priester Urija gestuur.

11Die priester Urija het die altaar laat bou presies soos Agas vir hom uit Damaskus laat weet het. Die altaar was klaar voordat Agas teruggekom het van Damaskus.

12Toe die koning terugkom van Damaskus en hy sien die altaar, het hy self nader gegaan en op die altaar geklim.

13Hy het self sy brand-offer en sy koring-offer aan die brand gesteek. Hy het sy drank-offer uitgegooi en hy het die bloed van sy ete-offers op die altaar gespat.

14Hy het die brons-altaar wat altyd voor die tempel gestaan het, laat wegvat en hy het dit noord van die nuwe altaar laat sit.

15Koning Agas het vir die priester Urija gesê: “Jy moet op die groot altaar die oggend-brandoffer en die aand-koringoffer aan die brand steek, en ook die brand-offers van die koning en sy koring-offer, en die brand-offers van al die mense van die land, en hulle koring-offers en hulle drank-offers. Jy moet die bloed van al die brand-offers en die bloed van al die ander offers teen die altaar spat. Ek sal die brons-altaar gebruik om vir die Here te vra wat sal gebeur.”

16Die priester Urija het alles gedoen wat die koning vir hom gesê het.

© Bible Society of South Africa.

17Koning Agas het die plate van die kante van die waentjies laat afhaal en hy het dit weggeneem. Hy het die waterbak van die brons-beeste afgehaal en hy het dit op plat klippe laat neersit.

18Hy het die pilaargang weggeneem wat hulle vir die Sabbatdag gebou het en ook die ingang waar die koning van buite ingegaan het na die tempel. Hy het gedoen wat die koning van Assirië wou hê.

19Al die ander dinge wat Agas gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

20Agas het gesterf, en sy mense het hom begrawe by sy voorvaders in die Dawidstad. Sy seun Hiskia het koning geword ná hom.

2 Konings 17

Hosea, koning van Israel

1Hosea seun van Ela het in Samaria koning van Israel geword in die twaalfde jaar nadat Agas koning van Juda geword het. Hosea was nege jaar lank koning.

2Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, maar hy was nie heeltemal so sleg soos die konings van Israel voor hom nie.

3Toe koning Salmaneser van Assirië kom om hom aan te val, het Hosea gesê hy sal die koning van Assirië dien, en Hosea het toe begin om elke jaar belasting te betaal vir die koning van Assirië.

4Later het die koning van Assirië uitgevind dat Hosea planne maak teen hom en dat hy boodskappers gestuur het na koning So van Egipte om te vra dat koning So hom moet help. Hosea het ook opgehou om belasting te betaal vir die koning van Assirië. Toe het die koning van Assirië vir Hosea laat vang en hy het Hosea in ’n tronk laat toesluit.

Die Assiriërs oorwin die stad Samaria

5Die koning van Assirië het begin om oorlog te maak teen die hele land Israel. Hy het by Samaria gekom en hy het die stad drie jaar lank van al die kante aangeval.

6In die negende jaar nadat Hosea koning geword het, het die koning van Assirië die stad Samaria oorwin, en hy het die mense van Israel gevang en weggevat na Assirië. Daar het hy hulle laat woon in die stad Galag, by die Gabor-rivier in die land Gosan, en in die stede van Medië.

7Dit het gebeur omdat die mense van Israel sonde gedoen het teen hulle God die Here, die God wat vir hulle uit Egipte laat kom het en wat hulle vrygemaak het van die farao, die koning van Egipte. Die Israeliete het ander gode gedien

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8en hulle het dieselfde dinge gedoen wat die ander volke gedoen het. Die Here het daardie volke weggejaag om plek te maak vir die mense van Israel. Die konings van Israel het gedoen soos die konings van ander volke,

9en die mense van Israel het hulle God die Here gedien soos die ander volke hulle gode gedien het. Hulle het offer-plekke gebou by al hulle stede, klein en groot.

10Hulle het klip-pale en gewyde pale ingeplant op elke hoë heuwel en onder elke groen boom.

11Hulle het wierook gebrand by al die offer-plekke, hulle het gedoen soos die ander volke. Die Here het daardie volke gevang en weggevat om plek te maak vir die mense van Israel. Maar die Israeliete het slegte dinge gedoen en hulle het die Here kwaad gemaak.

12Die Here het gesê hulle mag nie die afgode dien nie, maar hulle het dit gedoen.

13Die Here het al die profete en sieners gestuur om die mense van Israel en Juda te waarsku. Die Here het gesê: “Julle moet ophou om die slegte dinge te doen, julle moet gehoorsaam wees aan al my wette wat Ek vir julle voorvaders gegee het. Ek het dit vir julle laat weet toe Ek my dienaars die profete na julle toe gestuur het.”

14Maar die mense van Israel wou nie luister nie, hulle was hardkoppig soos hulle voorvaders. Hulle voorvaders het nie geglo dat die Here sal doen wat Hy sê nie.

15Hulle was ongehoorsaam aan sy wette en sy verbond wat Hy met hulle voorvaders gemaak het. Hulle het nie geluister toe Hy hulle gewaarsku het nie. Hulle het gode gedien wat vir hulle niks kon doen nie, en hulle, die mense van Israel, het self geword soos daardie gode. Die Here het gesê hulle moenie soos die ander volke doen nie, maar hulle het gedoen soos die ander volke.

16Hulle was ongehoorsaam aan al die wette van hulle God die Here. Hulle het twee kalfbeelde gemaak en hulle het ’n gewyde paal ingeplant. Hulle het gebuig voor die son en die maan en al die sterre, en hulle het vir Baäl gedien.

17Hulle het hulle kinders verbrand. Hulle het gedink dat hulle dinge weet wat ander mense nie kan weet nie en dat hulle na tekens kan kyk en kan sê wat sal gebeur. Hulle het dit geniet om slegte dinge te doen waarvan die Here nie hou nie, dinge wat Hom kwaad maak.

18Die Here het baie kwaad geword vir die mense van Israel en Hy het hulle weggegooi. Net die Juda-stam het oorgebly.

19Maar die mense van Juda was ook ongehoorsaam aan die wette van die Here, hulle het gelewe soos die mense van Israel.

© Bible Society of South Africa.

20Die Here het gesê die hele nageslag van Israel behoort nie meer aan Hom nie. Die Here het hulle laat swaarkry en Hy het mense in die land laat kom wat hulle goed kom vat het. En toe het die Here hulle heeltemal weggegooi.

21Ja, die Here het Israel afgeskeur van die koningshuis van Dawid, en die mense van Israel het vir Jerobeam seun van Nebat koning gemaak. Jerobeam het die mense van Israel laat ophou om gehoorsaam te wees aan die Here, hy het hulle ’n groot sonde laat doen.

22Die mense van Israel het al die sondes gedoen wat Jerobeam gedoen het. Hulle het aangehou om dit te doen,

23totdat die Here die mense van Israel weggegooi het. Die Here het hulle voorheen gewaarsku dat Hy dit sal doen toe Hy al sy dienaars die profete na hulle toe gestuur het. Die vyande het die mense van Israel gevang en weggevat uit hulle land, en die mense van Israel is vandag nog in Assirië.

Die koning van Assirië laat mense uit ander lande in Samaria woon

24Die koning van Assirië het mense gebring uit die stede Babel en Kuta en Awwa en Hamat en Sefarwajim, en hy het hulle in die plek van die mense van Israel laat woon in die stede van Samaria. Hulle het die land Samaria gevat en in die stede gaan woon.

25Toe hulle daar kom woon het, het hulle eers nie die Here gedien nie, en die Here het leeus gestuur om party van hulle dood te maak.

26Party mense het toe vir die koning van Assirië ’n boodskap gestuur en gesê: “Jy het volke gevang en weggevat en jy het hulle in die stede van Samaria laat woon. Daardie volke ken nie die wette van die God van die land nie, en Hy het toe leeus gestuur om hulle dood te byt omdat hulle nie die wette van die God van die land ken nie.”

27Die koning van Assirië het toe gesê: “Julle moet een van die priesters wat julle daar gevang en weggevat het, laat teruggaan. Julle moet die priester daar in die land Israel laat woon sodat hy vir die mense die wette van die God van die land kan leer.”

28Een van die priesters wat uit Samaria gekom het, het toe teruggegaan en hy het in die stad Bet-El gaan woon. Hy het vir die mense geleer hoe hulle die Here moet dien.

29Maar al die mense wat in die land Israel kom woon het, het ook nog aangehou om vir hulleself gode te maak, en hulle het die gode gesit in die tempels by die offer-plekke wat die mense van Samaria gebou het. Die mense van die verskillende volke het dit gedoen in die stede waar hulle gewoon het.

30Die mense van Babel het die god Sukkot-Benot gemaak, die mense van Kut het die god Nergal gemaak, die mense van Hamat het die god Asima gemaak,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

31die mense van Awwa het die gode Nibgas en Tartak gemaak, en die mense van Sefarwajim het hulle kinders verbrand vir die gode Adrammelek en Anammelek, die gode van Sefarwajim.

32Maar hierdie mense het ook die Here gedien en hulle het hulle eie priesters gekies en aangestel. Die priesters het gewerk in die tempels by die offer-plekke.

33Die mense het die Here gedien, maar hulle het ook hulle eie gode gedien soos hulle altyd gedoen het in die lande van waar hulle gekom het.

34Hulle doen dit vandag nog. Hulle dien nie die Here reg nie, want hulle is nie gehoorsaam aan die wette wat die Here gegee het vir die nageslag van Jakob nie. Die Here het vir Jakob die naam Israel gegee

35en die Here het ’n verbond gemaak met hom. Die Here het vir hulle gesê: “Julle mag nie ander gode dien nie en julle mag nie vir hulle buig nie en julle mag nie vir hulle offer nie.

36Julle moet net die Here dien. Dit is Hý wat vir julle uit Egipte gebring het toe Hy groot wonderwerke gedoen het. Julle moet Hom dien en vir Hom buig en vir Hom offer,

37en julle moet altyd gehoorsaam wees aan die wette wat Hy vir julle gegee het. Julle moenie ander gode dien nie.

38Julle moenie die verbond vergeet wat Hy met julle gemaak het nie. Julle moenie ander gode dien nie.

39Julle moet nét julle God die Here dien, dan sal Hy julle red van al julle vyande.”

40Maar die mense het nie geluister nie, hulle het aangehou om te doen wat hulle altyd gedoen het.

41Daardie mense wat toe in die land Israel kom woon het, het die Here gedien en hulle het ook hulle beelde gedien. Hulle en hulle kinders en hulle kleinkinders het dieselfde gedoen wat hulle voorvaders gedoen het. Hulle doen dit vandag nog.

2 Konings 18

Hiskia, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 29:1-2)

1Hiskia seun van koning Agas van Juda het koning geword in die derde jaar nadat Hosea seun van Ela koning van Israel geword het.

2Hiskia was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 29 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Abi dogter van Sagaria.

3Hiskia het dinge gedoen waarvan die Here hou, soos sy voorvader Dawid ook gedoen het.

© Bible Society of South Africa.

4Dit is hy wat die offer-plekke laat afbreek het. Hy het die klip-pale stukkend gebreek en die gewyde pale afgekap. Hy het ook die brons slang stukkend laat slaan wat Moses in die woestyn gemaak het, want die Israeliete het nog altyd vir die slang wierook gebrand. Hulle het die slang “Negustan” genoem.

5Hiskia het geglo dat die Here, die God van Israel, sal doen wat Hy gesê het. Daar was voor die tyd van Hiskia en ná sy tyd nie nog ’n koning van Juda soos Hiskia nie.

6Hy het aangehou om die Here te dien, hy het nie opgehou om dit te doen nie en hy was gehoorsaam aan die wette wat die Here vir Moses gegee het.

7Die Here was by Hiskia, en dit het goed gegaan met alles wat hy gedoen het. Hiskia het opstandig geword teen die koning van Assirië en hy het opgehou doen wat die koning van Assirië wou hê.

8Hiskia het die Filistyne oorwin tot by die stad Gasa en die plekke daar naby, hy het elke stad oorwin.

Koning Salmaneser van Assirië oorwin die stad Samaria

9In die vierde jaar nadat Hiskia koning geword het, in die sewende jaar nadat Hosea seun van Ela koning van Israel geword het, het koning Salmaneser van Assirië gekom en hy het Samaria van al die kante aangeval.

10Hy het die stad ná drie jaar oorwin. Dit was in die sesde jaar nadat Hiskia koning geword het, en in die negende jaar nadat Hosea koning van Israel geword het.

11Die koning van Assirië het die mense van Israel gevang en weggevat na Assirië. Hy het hulle laat woon in die stad Galag en by die Gabor-rivier in die land Gosan en in die stede van Medië.

12Dit het gebeur omdat die mense van Israel nie gehoorsaam was aan hulle God die Here nie. Hulle het nie gedoen wat die Here in sy verbond gesê het nie. Hulle het ook nie gedoen wat Moses, die dienaar van die Here, gesê het nie. Hulle was ongehoorsaam en hulle het nie gedoen wat hulle moes doen nie.

Koning Sanherib stuur vir Hiskia ’n boodskap

(Kyk ook 2 Kron 32:1; Jes 36:1; 2 Kron 32:9-17; Jes 36:2-22)

13Koning Sanherib van Assirië het al die sterk stede in die land Juda aangeval en hy het hulle oorwin. Dit was in die veertiende jaar nadat Hiskia koning geword het.

14Koning Hiskia van Juda het vir die koning van Assirië in die stad Lakis ’n boodskap gestuur. Hiskia het vir hom gesê: “Ek het verkeerd gedoen. Jy moenie teen my oorlog maak nie, ek sal vir jou betaal wat jy vra.” Die koning van Assirië het gesê Hiskia moet 300 talente silwer en 30 talente goud betaal.

15Hiskia het vir die koning van Assirië al die silwer gegee wat hy kon kry in die tempel en in die stoorkamers van die paleis.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Hiskia het ook in daardie tyd die goudplaat afgehaal wat hy aan die tempel se deure en aan die deure se rame laat sit het. Hy het dit vir die koning van Assirië gegee.

17Die koning van Assirië het sy hoof-offisier en twee ander belangrike offisiere van die stad Lakis na koning Hiskia toe gestuur. Daar was baie soldate saam met die offisiere. Die offisiere het gaan staan by die watersloot uit die boonste dam. Dit was langs die pad na die plek waar die mense altyd die wol gewas het.

18Die offisiere het geskree en gevra waar die koning is. Eljakim seun van Gilkija, en Sebna en Joag, seun van Asaf, het na die offisiere toe gegaan. Hulle was die drie belangrikste amptenare van koning Hiskia.

19Die hoof-offisier het vir hulle gesê: “Julle moet vir koning Hiskia sê ons bring ’n boodskap van die groot koning, die koning van Assirië. Die koning vra vir Hiskia: Hiskia, dink jy iemand kan jou help?

20Jy wil oorlog maak teen my, maar dit sal jou nie help om net te praat en planne te maak nie.

21Jy dink nou Egipte sal jou help, maar Egipte is soos ’n riet-kierie wat gebreek het. As jy op die riet druk, dan steek dit jou hand stukkend. Die farao, die koning van Egipte, is soos ’n riet-kierie vir almal wat dink dat hy hulle sal help.

22Julle sê vir my dat julle God die Here julle sal help, maar ek sê Hy sal dit nie doen nie, want Hiskia het julle God se offer-plekke en altare afgebreek. Hiskia het vir die mense van Juda en Jerusalem gesê hulle mag net bid by die brandoffer-altaar in Jerusalem.

23Ek sal vir jou sê wat my koning sal doen, die koning van Assirië. Hy sal vir jou 2 000 perde gee as jy genoeg soldate het om op die perde te ry. Maar jy het nie genoeg soldate nie.

24Jy kan nie ’n oorlog wen teen een goewerneur nie, teen een van die onbelangrikste amptenare van my koning nie. Maar nou dink jy Egipte kan jou help. Jy dink Egipte kan vir jou oorlogkarre en perde gee.

25Jy moet ook weet dit is nie ék wat besluit het om hierdie land te verwoes nie. Dit is die Here wat vir my gesê het: ‘Jy moet daardie land gaan verwoes.’ ”

26Eljakim en Sebna en Joag het vir die hoof-offisier gesê: “Jy moet asseblief Aramees praat met ons, dit is ’n taal wat ons verstaan. Jy moenie met ons Judees praat nie, want ons wil nie hê dat die mense op die muur moet verstaan wat jy sê nie.”

27Die hoof-offisier het gesê: “My koning het my nie gestuur om hierdie boodskap net vir julle koning en vir julle te bring nie. Ek moet die boodskap ook bring vir hierdie mense wat op die muur sit. Hulle sal hulle eie mis moet eet en hulle eie urine moet drink, en julle sal dit ook moet doen.”

© Bible Society of South Africa.

28Toe gaan staan die hoof-offisier by die muur. Hy het Judees gepraat en hard gesê:
“Julle moet hoor wat sê die groot koning, die koning van Assirië.

29Die koning sê julle moenie dat Hiskia julle bedrieg nie. Hiskia kan julle nie red nie.

30Hiskia sê julle moet glo dat die Here julle sal red, hy sê die koning van Assirië sal nie
hierdie stad oorwin nie, dit is seker. Maar julle moenie vir Hiskia glo nie.

31Julle moenie na hom luister nie, want die koning van Assirië sê: ‘Julle moet vrede
maak met my en julle moet na my toe kom. Dan kan julle elkeen eers op sy eie grond
bly en elkeen kan sy eie druiwe en vye eet en water drink uit sy eie put.

32Later sal ek kom en ek sal julle wegvat na ’n land wat soos julle land is, ’n land waar
daar koring en wyn is, ’n land waar daar kos en wingerde is, ’n land waar daar olyf-
olie en heuning is. Ek sal dit doen sodat julle kan lewe en nie sal sterf nie. Julle moet
oppas dat Hiskia julle nie bedrieg nie. Hy sê die Here sal julle red,

33maar ek vra vir julle: Kon die gode van die ander volke hulle lande beskerm teen
die koning van Assirië?

34Nee. Waar is die gode van die stede Hamat en Arpad? Waar is die gode van
Sefarwajim, Hena en Awwa? Daardie gode kon nie vir hulle help nie. En wie kon die
mense van Samaria beskerm teen my? Niemand.

35Wie van al die gode van daardie lande kon sy land beskerm teen my? Nie een nie,
en die Here kan Jerusalem ook nie beskerm teen my nie.’ ”

36Eljakim en die ander twee manne het stilgebly, hulle het nie die hoof-offisier
geantwoord nie, want koning Hiskia het gesê hulle moenie die hoof-offisier
antwoord nie.

37Hulle het na Hiskia toe gegaan en hulle het hulle klere geskeur en vir hom vertel
wat die hoof-offisier gesê het.

2 Konings 19

Hiskia stuur boodskappers na Jesaja toe

(Kyk ook Jes 37:1-7)

1Toe koning Hiskia dit hoor, het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek en na
die tempel gegaan.

2Die koning het die amptenare Eljakim en Sebna, en die leiers van die priesters na
die profeet Jesaja toe gestuur. Jesaja was die seun van Amos. Hulle het rouklere
aangehad.

3Hulle het vir Jesaja gesê: “Hiskia sê hierdie dag is ’n slegte dag, die Here straf ons
vandag. Dit lyk of die Here ons gelos het. Dit is soos wanneer ’n baba al amper
gebore word, maar sy ma is te swak om die baba te kry.

© Bible Society of South Africa.

4Miskien het jou God die Here gehoor wat die hoof-offisier gesê het. Dit is sy koning, die koning van Assirië, wat hom gestuur het om sleg te praat oor die God wat lewe. Miskien sal jou God die Here die koning van Assirië straf oor wat die koning gesê het. Ons wat nog lewe, is min, maar bid asseblief vir ons."

5Toe die amptenare van koning Hiskia by Jesaja kom,

6sê Jesaja vir hulle: "Julle moet vir julle koning sê die Here sê: Hiskia, jy het gehoor toe die offisiere van die koning van Assirië sleg gepraat het oor My, maar jy moenie bang wees daaroor nie.

7Ek sal die koning van Assirië bang laat word. Hy sal 'n boodskap kry en hy sal teruggaan na sy eie land. Daar in sy land sal iemand hom doodsteek."

Die koning van Assirië stuur weer boodskappers na Hiskia toe

(Ook Jes 37:8-13)

8Die hoof-offisier het teruggegaan. Hy het gehoor dat die koning van Assirië weggegaan het van die stad Lakis en dat hy teen die stad Libna oorlog maak. Die hoof-offisier het die koning by Libna gekry.

9Die koning het gehoor dat Tirhaka, die koning van die land Kus, kom om oorlog te maak teen hom. Toe die koning dit hoor, het hy boodskappers na Hiskia toe gestuur. Hy het vir die boodskappers gesê

10hulle moet vir koning Hiskia van Juda sê: "Hiskia, jy glo in jou God, maar jy moenie dat Hy jou bedrieg nie. Jou God sê die koning van Assirië sal nie Jerusalem oorwin nie. Dit is nie waar nie.

11Jy het self gehoor wat die koning van Assirië gedoen het met al die ander lande. Hy het daardie lande verwoes. Wie sal jou red?

12Het die ander volke se gode hulle gered toe my voorvaders hulle oorwin het? Nee. My voorvaders het al die mense van die stede Gosan en Haran oorwin, en ook die mense van die stad Resef en die mense van die land Eden wat in Telassar woon.

13Waar is die koning van Hamat en die koning van Arpad en die konings van die stede Sefarwajim, Hena en Awwa? Hulle is nie meer daar nie."

Hiskia gaan bid in die tempel

(Ook Jes 37:14-20)

14Hiskia het die briewe geneem wat die boodskappers gebring het, en hy het dit gelees. Toe het Hiskia na die tempel gegaan en hy het die briewe neergesit voor die Here.

15Hiskia het tot die Here gebid en gesê: "Here, God van Israel, u troon is bokant die gerubs. U alleen is God van al die lande op die aarde. U het die hemel en die aarde gemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16U moet asseblief luister, U moet hoor, U moet kyk en sien en hoor wat Sanherib sê. Hy het boodskappe gestuur om sleg te praat oor U, die God wat lewe.

17Here, die konings van Assirië het al die ander volke en hulle lande verwoes, dit is waar.

18Hulle het die volke se gode in die vuur gegooi. Maar daardie gode was nie waarlik gode nie, mense het hulle gemaak van hout en klip. Daarom het die gode verdwyn.

19En nou, Here, ons God, beskerm ons asseblief teen die koning van Assirië. Doen dit, sodat al die volke op die aarde kan weet dat U alleen Here is."

Jesaja stuur 'n boodskap vir Hiskia

(Ook Jes 37:21-35)

20Jesaja seun van Amos het vir Hiskia 'n boodskap gestuur. Jesaja het gesê: "Die Here, die God van Israel, sê Hy het gehoor wat jy gebid het oor Sanherib, die koning van Assirië.

21Dit is wat die Here oor Sanherib sê: "Sanherib, die mense van Sion lag vir jou, hulle dink jy beteken niks. Die mense van Jerusalem steek hulle tong uit vir jou, want jy moet nou weggaan.

22Oor wie het jy sleg gepraat? Vir wie het jy geskree en teen wie het jy gespog? Dit was teen die Heilige God van Israel!

23Jy het jou offisiere gestuur om sleg te praat oor die Here. Jy het gesê: 'Ek het teen die hoogste berge opgery met my baie oorlogkarre, ek het gery tot bo-op die Libanon-berg. Ek het die grootste sederbome afgekap, die mooiste sipresbome op die berg. Ek het gekom tot op die hoogste plek op die berg, tot waar die meeste bome is.

24Ek het putte gegrawe en water gedrink in ander lande, ek het al die riviere van Egipte droog laat word toe ek deur hulle geloop het.'

25Maar jy moet weet dat Ek lank gelede besluit het dat jy dit moet doen. Ek, die Here, het lank gelede gesê dit moet so wees, en nou het Ek dit laat gebeur. Daarom kon jy stede verwoes, stede wat sterk mure het. Daardie stede is nou net hope klippe.

26Die mense wat in die stede gewoon het, was nie sterk nie. Hulle het geskrik, hulle het nie geweet wat om te doen nie. Hulle was soos die plante in die veld, soos groen bossies, soos gras op die plat dak van 'n huis. Die gras word droog en gaan dood voordat dit goed kan groei.

27Sanherib, Ek weet alles wat jy doen, wanneer jy sit of gaan of kom. Ek weet ook wat jy alles teen My gesê het.

© Bible Society of South Africa.

28Ek weet wat jy teen My gesê het, Ek het gehoor hoe hoogmoedig jy gepraat het teen My. Daarom sal Ek ’n vishoek deur jou neus sit en Ek sal ’n stang in jou mond sit. Ek sal jou lei soos ’n perd, terug op dieselfde pad wat jy gekom het.

29“En, Hiskia, Ek sal vir jou ’n teken gee: Hierdie jaar sal julle die koring eet wat self opkom, en volgende jaar sal julle die koring eet wat dan nog self opkom. Maar die jaar daarna sal julle saai en koring afsny, julle sal wingerde plant en druiwe eet.

30Die mense van Juda wat oorgebly het en wat nog lewe, sal wees soos plante wat sterk wortels in die grond het en wat baie vrugte dra.

31Ja, mense sal kom van Jerusalem, van Sionsberg af, mense wat oorgebly het en wat nog lewe. Dit sal gebeur, want die Here wat oor alles regeer, sal die mense van Juda nie alleen los nie.

32“Daarom sê Ek, die Here, hierdie woorde oor die koning van Assirië: “Hy sal nie in hierdie stad inkom nie, hy sal nie hier met sy pyl en boog skiet nie. Hy sal nie hier sy skild kom optel om homself te beskerm nie. Hy sal nie grond teen die stad se muur gooi sodat hy oor die muur kan klim nie.

33Hy sal teruggaan op die pad wat hy gekom het, hy sal nie in hierdie stad inkom nie. “Dit het Ek, die Here, gesê.

34Ja, Ek sê: “Ek sal hierdie stad beskerm en red, Ek sal dit doen vir Myself en vir my dienaar Dawid.”

Koning Sanherib sterf

(Ook Jes 37:36-38)

35Die Engel van die Here het daardie nag gekom en Hy het 185 000 soldate in die kamp van die Assiriërs doodgemaak. Toe die Assiriërs vroeg die volgende oggend opstaan, lê al die dooie soldate daar.

36Koning Sanherib van Assirië het sy tente laat afslaan. Hy het teruggegaan na die stad Nineve en hy het daar gebly.

37Eendag het hy in die tempel van sy god Nisrok gelê en bid. Sy seuns Adrammelek en Sar-Eser het hom daar met swaarde doodgesteek. Hulle het gevlug na die land Ararat, en Sanherib se seun Esar-Haddon het koning geword ná hom.

2 Konings 20

Koning Hiskia word siek en die Here laat hom gesond word

(Ook Jes 38:1-6,21-22,7-8. Kyk ook 2 Kron 32:24)

1Koning Hiskia het in daardie tyd baie siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en vir hom gesê: “Jy moet vir jou familie sê wat jy wil hê hulle moet doen, want jy sal sterf, jy sal nie gesond word nie.”

2Hiskia het sy gesig na die muur gedraai en hy het tot die Here gebid.

© Bible Society of South Africa.

3Hy het gesê: “Ag, Here, dink asseblief daaraan dat ek gehoorsaam was aan U met
my hele hart en dat ek altyd gedoen het wat U wil hê.” Hiskia het hard gehuil.

4Voordat Jesaja verby die oop stuk grond binne-in die stad geloop het, het die Here
met hom gepraat. Die Here het vir hom gesê:

5“Jy moet omdraai en jy moet vir Hiskia, die koning van my volk, gaan sê: Ek, die God
van jou voorvader Dawid, sê: Ek het jou gebed gehoor en Ek het jou trane gesien. Ek
sal jou gesond maak. Jy sal oormôre weer na die tempel kan gaan.

6Ek sal jou nog 15 jaar laat lewe. Ek sal jou en hierdie stad red van die koning van
Assirië, Ek sal hierdie stad beskerm vir Myself en vir my dienaar Dawid.”

7Jesaja het toe gesê hulle moet ’n pleister van vye maak en hulle moet dit op die
koning se seerplek sit sodat dit gesond kan word.

8Hiskia het gevra hoe hy sal weet dat die Here hom gesond sal maak sodat hy
oormôre weer na die tempel kan gaan.

9Jesaja het gesê: “Die Here sal doen wat Hy gesê het, en dit sal vir jou die teken
wees: Die son is al klaar laag, en die skaduwee op die trappe wys dat dit laat is. Moet
die Here die skaduwee tien trappe vorentoe laat gaan of moet Hy dit tien trappe
terug laat gaan?”

10Hiskia het gesê: “Die skaduwee kan maklik tien trappe vorentoe gaan. Nee, die
skaduwee moet tien trappe teruggaan.”

11Die profeet Jesaja het tot die Here gebid, en die Here het die skaduwee tien trappe
terug laat gaan op die trappe van koning Agas. Dit het gewys dat die son weer hoog
in die lug is.

Die soldate van Babel sal alles kom vat

(Ook Jes 39:1-8)

12Merodak-Baladan seun van Baladan was die koning van Babel. Hy het gehoor dat
koning Hiskia siek is. Hy het eendag vir Hiskia briewe en presente gestuur.

13Hiskia het geluister na die boodskappers en hy het vir hulle alles gewys wat hy in
sy stoorkamers gebêre het: die silwer en die goud, die balsem en die skoon olyf-olie,
en ook sy hele wapenkamer, ja, alles wat in sy stoorkamers was. Hiskia het vir die
boodskappers alles gewys wat in sy paleis en in sy hele land was.

14Die profeet Jesaja het na koning Hiskia toe gekom en hy het vir die koning gevra:
“Wat het daardie manne gesê? Van watter land het hulle gekom?” Hiskia het vir hom
gesê: “Hulle het van ’n ver land na my toe gekom, van die land Babel.”

15Jesaja het gevra: “Wat het hulle in jou paleis gesien?” Hiskia het gesê: “Hulle het
alles gesien wat in my paleis is. Ek het vir hulle alles gewys wat in my stoorkamers
is.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Jesaja het vir Hiskia gesê: “Jy moet luister na wat die Here sê:

17Die soldate van Babel sal eendag alles kom vat wat in jou paleis is, alles wat jou voorvaders en jy bymekaargemaak het. Daar sal niks oorbly nie. Dit is wat die Here sê.

18En hulle sal party van jou eie seuns vat om in die koning van Babel se paleis te werk.”

19Hiskia het vir Jesaja gesê: “Ek het gehoor wat jy sê. Wat die Here gesê het, is goed.” Hiskia het ook gesê: “Ek hoop ons sal vrede hê en veilig wees so lank soos ek nog lewe.”

Hiskia sterf

(Kyk ook 2 Kron 32:32-33)

20Al die ander dinge wat Hiskia gedoen het, al die belangrike dinge wat hy gedoen het, en die dam en die watertonnel wat hy laat bou het toe hy die water in die stad gebring het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

21Hiskia het gesterf, en sy seun Manasse het koning geword ná hom.

2 Konings 21

Manasse, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 33:1-20)

1Manasse was twaalf jaar oud toe hy koning geword het en hy was 55 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Gefsiba.

2Manasse het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, die slegte dinge wat die ander volke gedoen het. Die Here het daardie volke weggejaag sodat die Israeliete daar kan woon.

3Manasse het die offer-plekke weer gebou wat sy pa Hiskia afgebreek het. Hy het altare gebou vir Baäl en hy het ’n gewyde paal gemaak soos die paal wat koning Agab van Israel gemaak het. Manasse het gebuig vir die son en die maan en al die sterre in die lug, en hy het hulle gedien.

4Hy het vir hulle altare gebou by die tempel. Die Here het voorheen van hierdie tempel gesê: “Hier in Jerusalem wil Ek woon.”

5Manasse het op die twee oop stukke grond by die tempel altare gebou vir die son en die maan en al die sterre in die lug.

6Hy het sy seun verbrand en hy het gesê hy kan tekens sien en hy kan sê wat sal gebeur. Hy het ook gesê hy kan praat met die geeste van mense wat gesterf het, en hy weet wat ander mense nie kan weet nie. Manasse het baie dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie en hy het die Here kwaad gemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Manasse het ’n beeld van Asjera gemaak en hy het dit in die tempel gesit. Die Here het voorheen vir Dawid en sy seun Salomo oor hierdie tempel gesê: “Ek wil altyd woon in hierdie tempel en in Jerusalem. Ek het Jerusalem gekies uit die stede van al die stamme van Israel.

8Ek sal die Israeliete nie weer laat wegjaag van die grond wat Ek vir hulle voorvaders gegee het nie, maar dan moet hulle seker maak dat hulle alles doen wat Ek vir hulle gesê het en wat my dienaar Moses vir hulle gesê het in sy wette.”

9Maar die mense van Juda het nie geluister nie. Manasse het hulle verlei om slegte dinge te doen. Hulle het slegter dinge gedoen as die ander volke. Die Here het daardie volke weggejaag sodat die Israeliete in die land kan woon.

10Die Here het sy dienaars die profete gestuur en gesê:

11“Koning Manasse van Juda het hierdie slegte dinge gedoen. Die Amoriete wat voorheen in die land was, het slegte dinge gedoen, maar Manasse het slegter dinge gedoen as die Amoriete. Hy het die mense van Juda ook sonde laat doen met sy afgode.

12Daarom, sê die Here die God van Israel, sal Ek dit nou so sleg laat gaan met Jerusalem en Juda dat elkeen wat daarvan hoor, baie geskok sal wees.

13Ek sal dit met Jerusalem laat gaan soos met Samaria en met die koningshuis van Agab. Ek sal Jerusalem skoonvee soos ’n mens ’n skottel skoonvee en dit omdraai.

14Ek gooi die mense weg wat nog oorgebly het van my volk. Ek gee hulle vir hulle vyande. Al hulle vyande sal hulle vang en wegvat wanneer hulle wil.

15Ek doen dit omdat hulle dinge gedoen het waarvan Ek nie hou nie. Hulle het My kwaad gemaak van die dag toe hulle voorvaders uit Egipte gekom het tot vandag toe.”

16En ook, Manasse het onskuldige mense laat doodmaak, hy het hulle bloed laat vloei totdat Jerusalem vol bloed was van die een kant tot by die ander kant. Hy het ook die mense van Juda sonde laat doen, hulle het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie.

17Al die ander dinge wat Manasse gedoen het, en die sondes wat hy gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

18Manasse het gesterf, en sy mense het hom begrawe in die tuin van sy paleis, die tuin van Ussa. Sy seun Amon het koning geword ná hom.

Amon, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 33:21-25)

19Amon was 22 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was twee jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Mesullemet dogter van Garus, van die stad Jotba.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Amon het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het gedoen soos sy pa Manasse gedoen het.

21Hy het gelewe soos sy pa. Hy het die afgode gedien wat sy pa gedien het en hy het vir hulle gebuig.

22Hy het nie meer die Here, die God van sy voorvaders, gedien nie, hy het nie gedoen wat die Here wil hê nie.

23 Amptenare van Amon het planne gemaak teen hom en hulle het die koning in sy paleis vermoor.

24Die mense van die land het die amptenare doodgemaak wat vir Amon vermoor het, en toe het die mense van die land vir Josia seun van Amon koning gemaak ná hom.

25Al die ander dinge wat Amon gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

26Sy mense het hom begrawe in sy graf in die tuin van Ussa. Sy seun Josia het koning geword ná hom.

2 Konings 22

Josia, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 34:1-2)

1Josia was ag jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 31 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Jedida dogter van Adaja, van die stad Boskat.

2Josia het dinge gedoen waarvan die Here hou. Hy het gelewe presies soos sy voorvader Dawid.

Josia laat die tempel regmaak

(Kyk ook 2 Kron 34:8-13)

3In die agtiende jaar nadat Josia koning geword het, het hy sy sekretaris Safan seun van Asalja seun van Mesullam na die tempel gestuur en hy het vir Safan gesê:

4"Jy moet na die hoëpriester Gilkija toe gaan en vir hom sê hy moet die geld laat tel wat die mense gebring het en wat hulle vir die wagte by die deure van die tempel gegee het.

5Daarna moet hy die geld gee vir die voormanne wat die werk by die tempel moet laat doen, en hulle moet die geld gee vir die mense wat die tempel moet regmaak:

6die ambagsmanne en die bouers en die messelaars. Hulle moet ook gekapte klip koop om die tempel reg te maak.

7Maar Gilkija weet die werkers is eerlik, daarom moet hy vir die werkers sê hulle moenie kom sê wat hulle met die geld gedoen het nie."

© Bible Society of South Africa.

Die wetboek

(Kyk ook 2 Kron 34:14-33)

8Die hoëpriester het vir Safan gesê hy het in die tempel 'n boek gekry. In die boek was daar wette geskryf. Die hoëpriester het die boek vir Safan gegee, en Safan het dit gelees.

9Safan het teruggegaan na die koning toe en hy het vir hom gaan sê wat gebeur het. Hy het vir die koning gesê: "Die priesters het die geld uitgehaal wat in die tempel is, en hulle het dit gegee vir die voormanne wat die werk by die tempel moet laat doen.

10Die hoëpriester Gilkija het hierdie boek vir my gegee." Safan het die boek vir die koning gelees.

11Toe die koning hoor wat daar in die boek geskryf is, het hy sy klere geskeur,

12en hy het gepraat met die hoëpriester Gilkija en met Agikam seun van Safan en met Akbor seun van Miga en met die sekretaris Safan en met Asaja, die hoof-amptenaar van die koning. Hy het vir hulle gesê:

13"Ek en die volk, al die mense van Juda, stuur julle om te gaan vra wat sê die Here oor die dinge wat geskryf is in hierdie boek wat hulle in die tempel gekry het. Ek dink die Here is baie kwaad vir ons omdat ons voorvaders nie gedoen het wat in hierdie boek oor ons geskryf is nie."

14 Die priester Gilkija, Agikam, Akbor, Safan en Asaja het toe na die profeet Gulda toe gegaan. Gulda was getroud met Sallum seun van Tikwa seun van Gargas. Gulda se man het die klere in die klerekamer van die paleis opgepas en hulle het gewoon in die nuwe deel van Jerusalem. Gilkija en die ander mans het met haar gepraat,

15en sy het vir hulle gesê: "Die Here, die God van Israel, sê: Julle moet vir die man wat julle gestuur het, gaan sê

16die Here sê: Ek sal dit sleg laat gaan met hierdie plek en met die mense wat hier woon. Alles sal gebeur wat geskryf is in die boek wat die koning gelees het.

17Ek sal dit doen omdat hulle weggegaan het van My en omdat hulle wierook gebrand het vir ander gode. Ek het kwaad geword oor al die dinge wat hulle gedoen het. Ek sal hierdie plek straf en Ek sal nie ophou nie.

18-19Die koning van Juda het vir julle gestuur om te vra wat die Here sê. Julle moet vir die koning gaan sê: Ek, die Here, het gesien dat jy hartseer en ontsteld geword het en dat jy jou voor My verneder het toe jy hoor wat Ek oor hierdie plek gesê het. Ek het gesê hier sal nie meer mense woon nie en Ek sal die plek laat verwoes. Ek het gesien dat jy jou klere geskeur het en Ek het gehoor hoe jy huil.

20Daarom sal dit goed gaan met jou totdat Ek jou laat sterf en jy begrawe is. Jy sal nie self sien wanneer Ek dit sleg laat gaan met hierdie plek nie." Gilkija en die ander mans het vir die koning gaan sê wat die profeet gesê het.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2 Konings 23

1Die koning het boodskappers gestuur en hy het gesê die leiers van Juda en
Jerusalem moet bymekaarkom by hom.

2Hy het na die tempel gegaan. Al die leiers van Juda en Jerusalem was saam met
hom, en ook die priesters en die profete en al die mense, die belangrike én die
onbelangrike mense. Hy het vir hulle gelees wat geskryf is in die verbondsboek wat
die hoëpriester in die tempel gekry het.

3Daarna het die koning by die pilaar gaan staan. Hy het belowe dat Hy die Here altyd
sal dien en dat hy alles sal doen wat die wette van die Here sê. Hy het belowe om te
doen wat die Here wil hê en om die verbond te hou waaroor daar in die boek
geskryf is. Al die mense het dit saam met die koning belowe.

Josia laat die tempel skoonmaak en offer-plekke afbreek

(Kyk ook 2 Kron 34:3-7)

4Die koning het gesê die hoëpriester Gilkija en die ander belangrike priesters en
die wagte by die deure van die tempel moet al die goed uit die tempel bring wat die
mense gemaak het vir Baäl en vir Asjera en vir die son en die maan en die sterre.
Hulle het die goed verbrand buite Jerusalem in die Kedron-vallei en hulle het die as
na die stad Bet-El geneem.

5Die konings van Juda het voorheen priesters aangestel vir die afgode. Die priesters
moes wierook brand op die offer-plekke by die stede van Juda en buite Jerusalem.
Hulle moes dit brand vir Baäl, vir die son en die maan en al die sterre. Koning Josia
het gesê hierdie priesters mag nie meer priesters wees nie.

6Hy het ook die beeld van Asjera uit die tempel laat bring en hy het die beeld buite
Jerusalem in die Kedron-vallei laat verbrand. Daarna het hy dit fyngestamp en hy het
die as weggegooi op die grafte van die gewone mense.

7Hy het die kamers van die mansprostitute by die tempel laat afbreek. Dit is waar
die vroue klere geweef het vir Asjera.

8Koning Josia het al die priesters wat by die stede van Juda gewerk het, na Jerusalem
laat kom. Hy het die offer-plekke ontwy waar hierdie priesters wierook gebrand het,
van die stad Geba tot by die stad Berseba. Hy het ook die offer-plekke van
die veldgode laat afbreek. Hierdie offer-plekke was voor die poort van die huis van
Josua, die burgemeester. Dit was links langs die poort van die stad.

9Die priesters wat by die offer-plekke gewerk het, mag nie by die altaar van die Here
in Jerusalem gewerk het nie, maar hulle mag ongesuurde brood geëet het saam met
die priesters van die tempel.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Daar was ’n plek in die Ben-Hinnom-vallei waar mense hulle kinders verbrand het. Die koning het die plek laat ontwy sodat niemand sy kind daar vir Molek kon offer nie.

11Hy het ook die beelde van die perde laat wegvat wat die konings van Juda laat maak het. Die mense het die son by die beelde aanbid. Die beelde het gestaan op die oop stuk grond voor die poort van die tempel by die kamer van die paleisbediende Netan-Melek. Die koning het ook die waens laat verbrand wat by die beelde was.

12Hy het die altare laat afbreek wat die konings van Juda laat bou het op die dak van die bo-kamer van Agas en ook die altare wat Manasse laat bou het op die twee oop stukke grond by die tempel. Hy het die altare stukkend laat stamp en hy het die stof in die Kedron-vallei laat gooi.

13Hy het die offer-plekke ontwy wat Salomo koning van Israel oos van Jerusalem laat bou het. Die offer-plekke was suid van die Olyf-berg. Salomo het die offer-plekke laat bou vir Astarte, Kemos en Milkom, die afgode van die Sidoniërs, die Moabiete en die Ammoniete.

14Hy het die klip-pale laat afbreek en hy het die gewyde pale laat afkap. Toe het hy mensbene op hulle plekke gegooi.

15Josia het ook die altaar wat in Bet-El was, laat afbreek. Dit was die offer-plek wat Jerobeam seun van Nebat gebou het. Jerobeam het die mense van Israel daar sonde laat doen. Josia het ook daardie altaar, daardie offer-plek, laat afbreek. Hy het die offer-plek verbrand en fyngeslaan en hy het die gewyde paal verbrand.

16En toe Josia omdraai, sien hy grafte daar op die berg. Hy het die bene uit die grafte laat haal en hy het dit op die altaar verbrand. So het Josia die altaar ontwy. Dit het gebeur soos die man van God gesê het toe koning Jerobeam by die altaar gestaan het.

17Josia het ’n grafsteen gesien en hy het gevra wie se graf dit is. Die mense van die stad Bet-El het vir hom gesê: “Dit is die graf van die man van God wat uit Juda gekom het. Die man van God het voorheen gesê hierdie dinge wat jy met die altaar van Bet-El gedoen het, sal gebeur.”

18Josia het gesê: “Los hom, niemand moet sy bene wegneem nie.” Hulle het toe die bene van die man van God gelos en ook die bene van die profeet wat uit Samaria gekom het.

19Josia het ook die tempels op die offer-plekke laat afbreek. Die konings van Israel het voorheen daardie tempels by die stede van Samaria laat bou om die Here kwaad te maak. Josia het dieselfde met die tempels gedoen soos hy by Bet-El gedoen het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Josia het die priesters wat by die offer-plekke was, laat slag op die altare en hy het mensbene op die altare laat verbrand. Toe het hy teruggegaan na Jerusalem.

Die groot Paasfees

(Kyk ook 2 Kron 35:1-19)

21Die koning het vir al die mense gesê: “Julle moet die Paasfees vier vir julle God die Here. Julle moet dit vier soos dit geskryf is in hierdie verbondsboek.”

22Daar was nie nog so ’n Paasfees nie, van die tyd van die leiers wat oor die Israeliete regeer het, tot nou toe, ook nie in die tyd van die konings van Israel en Juda nie.

23Maar hierdie Paasfees het hulle vir die Here gevier in Jerusalem in die agtiende jaar nadat Josia koning geword het.

24Josia het ook die mense laat doodmaak wat gesê het hulle kan praat met die geeste van mense wat gesterf het. Hy het ook die mense laat doodmaak wat gesê het hulle weet wat ander mense nie kan weet nie. Hy het die beeldjies en die afgode in Juda en Jerusalem weggevat, al die lelike goed. Hy het alles gedoen wat geskryf is in die wette in die boek wat Gilkija in die tempel gekry het.

25Daar was nie nog so ’n koning wat sy lewe so heeltemal verander het nie. Josia het gedoen wat die Here wil hê, soos die Wette van Moses sê. Daar was nie so ’n koning vóór die tyd van Josia of ná sy tyd nie.

26Maar die Here het kwaad gebly vir die mense van Juda. Die Here was kwaad oor alles wat Manasse gedoen het.

27Die Here het gesê: “Ek sal die mense van Juda ook wegvat voor My soos Ek die mense van Israel weggevat het. Ek het hierdie stad Jerusalem gekies, en Ek het gesê Ek sal self in hierdie tempel woon. Maar Ek sal nou hierdie stad en hierdie tempel los.”

Josia sterf

(Kyk ook 2 Kron 35:20-27)

28Al die ander dinge wat Josia gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

29In die tyd toe Josia koning was, wou Neko, koning van Egipte, vir die koning van Assirië gaan aanval by die Eufraat-rivier. Josia het toe gegaan om vir Neko te stop. Die farao het vir Josia doodgemaak toe hulle mekaar by Megiddo sien.

30Josia se offisiere het sy liggaam op ’n oorlogkar uit Megiddo gebring en hulle het dit na Jerusalem geneem. Sy mense het hom in sy graf begrawe. Die mense van die land het vir Joahas seun van Josia geneem en hulle het hom gesalf en hom koning gemaak in sy pa se plek.

Joahas, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 36:2-4)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

31Joahas was 23 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was drie maande lank koning in Jerusalem. Sy ma was Gamutal dogter van Jeremia, van die stad Libna.

32Joahas het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het gedoen soos party van sy voorvaders.

33Die farao Neko het vir Joahas gevang en hy het vir Joahas in Ribla in die land Hamat gehou, sodat Joahas nie koning kon wees in Jerusalem nie. Die farao het gesê die land Juda moet vir hom 100 talente silwer en een talent goud betaal.

34Die farao Neko het vir Eljakim seun van Josia koning gemaak ná Josia. Hy het Eljakim se naam verander, hy het vir hom die naam Jojakim gegee. Die farao het vir Joahas na Egipte geneem en Joahas het daar gesterf.

35Jojakim moes die silwer en die goud vir die farao betaal, en hy het gesê elke persoon in die land moet iets gee sodat hy dit kan betaal.

Jojakim, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 36:5-8)

36Jojakim was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was elf jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Sebida, dogter van Pedaja, van die stad Ruma.

37Jojakim het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het gedoen soos party van sy voorvaders.

2 Konings 24

1In die tyd toe Jojakim koning was, het Nebukadnesar koning van Babel die land aangeval, en Jojakim het drie jaar lank gedoen wat die koning van Babel gesê het. Maar daarna het hy opstandig geword.

2Die Here het groepe Galdeërs en Arameërs en Moabiete en Ammoniete gestuur om Juda aan te val. Die Here het dit gedoen omdat Hy Juda wou verwoes. Hy het voorheen sy dienaars die profete gestuur om te sê dit sal so gebeur.

3Die Here self het gesê wat in Juda moet gebeur, Hy wou hulle weggooi oor al die sonde wat Manasse gedoen het

4en oor die onskuldige mense wat Manasse in Jerusalem doodgemaak het. Manasse het so baie mense doodgemaak dat Jerusalem vol van hulle bloed was. Die Here wou nie hierdie sondes vergewe nie.

5Al die ander dinge wat Jojakim gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Juda.

6Jojakim het gesterf, en sy seun Jojagin het koning geword ná hom.

Jojagin, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 36:9-10)

© Bible Society of South Africa.

7Die koning van Egipte kon nie weer uit sy land kom nie, want die koning van Babel het al die lande gevat wat aan die koning van Egipte behoort het, alles van Egipte-spruit tot by die Eufraat-rivier.

8Jojagin was 18 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was drie maande lank koning in Jerusalem. Sy ma was Negusta dogter van Elnatan, van Jerusalem.

9Jojagin het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het gedoen soos party van sy voorvaders.

10In die tyd toe Jojagin koning was, het die soldate van koning Nebukadnesar van Babel na Jerusalem gekom en hulle het die stad van al die kante aangeval.

11Nebukadnesar het self ook na die stad gekom terwyl sy soldate die stad aangeval het.

12Koning Jojagin van Juda het toe uitgegaan na die koning van Babel toe, hy en sy ma en sy offisiere en sy amptenare en sy paleisbediendes. Die koning van Babel was ag jaar lank koning toe hy vir Jojagin gevang het.

Die koning van Babel vat mense en goed weg uit Jerusalem

13Die koning van Babel het al die kosbare goed in die tempel en in die paleis gevat. Hy het al die goue goed stukkend laat slaan wat Salomo, koning van Israel, vir die tempel laat maak het. Dit het gebeur soos die Here gesê het.

14Die koning van Babel het al die mense van Jerusalem, al die amptenare en die belangrike mense, gevang en weggevat. Daar was 10 000 gevangenes. Al die ambagsmanne en smede was ook by die gevangenes. Die koning van Babel het niemand laat oorbly nie, hy het net die armste mense van die land laat bly.

15Hy het vir Jojagin gevang en weggevat na Babel, en ook die koning se ma en sy vroue en sy paleisbediendes, en die belangrikste mense van die land.

16Die koning van Babel het 7 000 van die rykste mense weggevat, en 1 000 ambagsmanne en smede. Hulle was belangrike manne en hulle kon almal oorlog maak. Hulle het gevangenes geword en die koning van Babel het hulle weggevat.

17Die koning van Babel het Jojagin se oom Mattanja koning gemaak en hy het Mattanja se naam verander, hy het hom die naam Sedekia gegee.

Sedekia, koning van Juda

(Kyk ook 2 Kron 36:11-16)

18Sedekia was 21 jaar oud toe hy koning geword het en hy was elf jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Gamutal dogter van Jeremia, van die stad Libna.

19Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het gedoen soos Jojakim.

20Die Here was so kwaad vir die mense van Jerusalem en Juda dat Hy hulle wou weggooi.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die koning van Babel oorwin Jerusalem

(Kyk ook 2 Kron 36:17-21; Jer 39:1-10; 52:1-30)

Sedekia het opstandig geword teen die koning van Babel,

2 Konings 25

1en in die negende jaar nadat Nebukadnesar koning van Babel geword het, het Nebukadnesar en al sy soldate gekom om Jerusalem aan te val. Hy het sy tente laat opslaan rondom die stad en hulle het begin om ’n grondwal om die stad te bou.

2Hulle het rondom die stad gebly tot in die elfde jaar nadat Sedekia koning geword het.

3Op die negende dag van die vierde maand was die kos in die stad op. Daar was nie meer kos om te eet nie.

4Die soldate van Babel het oor die muur begin kom, en die soldate van Jerusalem het in die nag begin vlug deur die poort tussen die twee mure, op die pad na die koning se tuin. Die Galdeërs was rondom die stad, en koning Sedekia het op die pad na die Jordaan-vallei probeer wegkom.

5Maar die soldate van die Galdeërs het die koning gevolg en gejaag en hulle het hom gekry op die droë, gelyk grond by Jerigo. Al sy soldate het na al die kante toe gevlug, weg van hom.

6Die Galdeërs het koning Sedekia gevang en hulle het hom geneem na die koning van Babel toe in die stad Ribla. Daar het die koning van Babel besluit hoe hy vir Sedekia wil straf.

7Hulle het die seuns van Sedekia doodgemaak, en Sedekia moes kyk terwyl hulle dit doen. Toe het hulle Sedekia se oë uitgesteek en hulle het hom met kettings vasgebind en na Babel gevat.

8Nebusaradan, die hoof-offisier en amptenaar van die koning van Babel, het na Jerusalem gekom in die vyfde maand, op die sewende dag van die maand, in die 19de jaar nadat Nebukadnesar koning van Babel geword het.

9Nebusaradan het die tempel afgebrand en ook die paleis en al die huise in Jerusalem, al die groot huise.

10Die soldate van die Galdeërs wat by die hoof-offisier was, het die mure rondom Jerusalem afgebreek.

11Die hoof-offisier Nebusaradan het die mense gevang wat nog in die stad was. Hy het ook die mense gevang en weggevat wat self besluit het om na die koning van Babel toe te gaan. Hulle was die mense wat oorgebly het van al die baie mense in die stad.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12 Nebusaradan het net die armste mense van die land daar laat bly om in die wingerde en op die koringlande te werk.

13 Die Galdeërs het die pilare stukkend geslaan wat by die tempel was, en ook die waentjies en die waterbak van brons wat by die tempel was, en hulle het die brons weggevat na Babel.

14 Hulle het ook die potte, die grawe en die messe, die bakke en al die goed van brons gevat. Dit was die goed wat die priesters by die tempel gebruik het.

15 Die hoof-offisier het ook die emmers en die bakke gevat, alles wat van goud en silwer was.

16 Die twee pilare, die waterbak, en die waentjies wat Salomo vir die tempel laat maak het, was so swaar dat ’n mens dit nie kon weeg nie. Al hierdie goed was van brons.

17 Elke pilaar was 18 el hoog, en die kopstuk bo-op was van brons en dit was drie el hoog. Daar was granate van brons rondom elke kopstuk.

18 Die hoof-offisier het die hoëpriester Seraja gevang en ook die tweede priester, Sefanja, en die drie drumpelwagte.

19 Hy het ook uit die stad een offisier geneem wat die hoof was van die soldate, en ook vyf van die koning se raadgewers wat in die stad was, en die sekretaris van die hoof van die leër wat die mense van die land moes roep om oorlog te maak, en ook 60 van die belangrike mense van die land wat toe in die stad was.

20 Die hoof-offisier Nebusaradan het hulle gebring na die koning van Babel in Ribla.

21 Die koning van Babel het hulle laat doodmaak in Ribla, in die land Hamat. Hy het die ander Judeërs laat wegvat uit hulle land.

Ismael vermoor die goewerneur Gedalja

(Kyk ook Jer 40:7-41:3)

22 Koning Nebukadnesar het vir Gedalja seun van Agikam seun van Safan gekies en aangestel oor die mense wat hy in die land Juda laat bly het.

23 Toe al die hoofde van die leër en hulle manne hoor dat die koning van Babel vir Gedalja aangestel het, het hulle na Gedalja toe in Mispa gegaan. Dit was Ismael seun van Netanja, Joganan seun van Kareag, Seraja seun van Tangumet van die stad Netofa, en Jaäsanja van die stad Maäka, en hulle manne.

24 Gedalja het vir die offisiere en hulle manne gesê: “So seker soos die Here lewe, julle moenie bang wees vir die amptenare van die Galdeërs nie. Julle moet in die land woon en vir die koning van Babel werk, dan sal dit goed gaan met julle.”

© Bible Society of South Africa.

25Ismael seun van Netanja seun van Elisama was familie van die koning. In die
sewende maand het Ismael en tien manne saam met hom vir Gedalja vermoor. Hulle
het ook die Judeërs en Galdeërs vermoor wat saam met hom in Mispa was.

26Daarna het al die mense, kinders en grootmense, en ook die hoofde van die leër,
gereedgemaak en na Egipte gegaan, want hulle was bang vir die Galdeërs.

Die koning van Babel laat koning Jojagin uit die tronk kom

(Kyk ook Jer 52:31-34)

27In die sewe-en-dertigste jaar nadat koning Jojagin van Juda ’n gevangene geword
het, het koning Ewil-Merodak van Babel vir Jojagin uit die tronk laat uitkom. Dit was
in die twaalfde maand, op die sewe-en-twintigste dag van die maand.

28Ewil-Merodak het vriendelik gepraat met Jojagin en hy het hom laat sit op ’n
belangriker plek as die ander konings wat by hom in Babel was.

29Jojagin kon sy tronk-klere uittrek en hy kon by die koning se tafel eet totdat hy
gesterf het.

30Die koning van Babel het vir Jojagin elke dag alles gegee wat hy nodig gehad het,
totdat hy gesterf het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1 Kronieke

1 Kronieke 1

Die eerste voorvaders

(Kyk ook Gen 10:1-32)

1 Hier is die name van die eerste voorvaders: Adam, Set, Enos,

2 Kenan, Mahalalel, Jered,

3 Henog, Metusalag, Lameg,

4 Noag, Sem, Gam en Jafet.

5 Jafet se nageslag was die mense van die lande Gomer en Magog, die Mediërs, die Grieke en die mense van die lande Tubal, Mesek en Tiras.

6 Gomer se nageslag was die mense van die lande Askenas, Difat en Togarma.

7 Elisa en Tarsis, die Kittiërs en die Rodaners was afstammelinge van die Grieke.

8 Gam se nageslag was die mense van die lande Kus, Egipte, Put en Kanaän.

9 Kus se nageslag was die mense van die lande Seba, Gawila, Sabta, Rama en Sabteka. Rama se nageslag was die mense van die lande Skeba en Dedan.

10 Kus het ook ’n seun Nimrod gehad. Hy het ’n baie sterk en belangrike man geword.

11 Die mense van Egipte was die voorvaders van die Ludeërs, die Anammers, die Lehabeërs, die Naftoagiete,

12 en die mense van die lande Patros, Kasluag en Kaftor. Die mense van Kasluag was die voorvaders van die Filistyne.

13 Die mense van Kanaän was die voorvaders van die mense van die lande Sidon en Het. Sidon was die oudste.

14 Die mense van Kanaän was ook die voorvaders van die Jebusiete, die Amoriete, die Girgasiete,

15 die Hewiete, die Erekiete, die Siniete,

16 die Arwadters, die Semariërs en die Hamatters.

17 Sem se nageslag was die mense van die lande Elam, Assirië, Arpaksad, Lud, Aram, Us, Geter en Mesek.

18 Arpaksad was die pa van Selag, en Selag was die pa van Heber.

19 Heber het twee seuns gehad. Die een seun se naam was Peleg. In die tyd toe Peleg gelewe het, het hulle die land verdeel. Peleg se broer was Joktan.

© Bible Society of South Africa.

20 Joktan was die pa van Almodad, Selef, Gasarmawet, Jerag,

21 Hadoram, Usal, Dikla,

22 Ebal, Abimael, Skeba,

23 Ofir, Gawila en Jobab. Hulle was almal Joktan se nageslag.

Die voorvaders van Abraham, en sy nageslag

24 Hier is die name van Abraham se voorvaders en die name van sy nageslag: Sem, Arpaksad, Selag,

25 Heber, Peleg, Reü,

26 Serug, Nahor en Tera.

27 Abram se naam het later verander na Abraham.

28 Abraham se seuns was Isak en Ismael.

29 Hier is hulle nageslag. Die oudste seun, Ismael, was die voorvader van die mense van die stede Nebajot, Kedar, Adbeël, Mibsam,

30 Misma, Duma, Massa, Gadad, Tema,

31 Jetur, Nafis en Kedma. Hulle was die nageslag van Ismael.

32 Abraham en sy byvrou Ketura was die voorouers van die mense van die lande Simran, Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag. Die mense van Joksan was die voorouers van die mense van die lande Skeba en Dedan.

33 Die mense van Midian was die voorouers van die mense van die lande Efa, Efer, Ganok, Abida en Eldaä. Hulle almal was die nageslag van Ketura.

34 Abraham se ander seun was Isak. Isak se seuns was Esau en Israel.

35 Esau was die voorvader van die mense van die lande Elifas, Reüel, Jeüs, Jalam en Korag.

36 Die mense van Elifas was die voorouers van die mense van die lande Teman, Omar, Sefi, Gatam, Kenas, Timna en Amalek.

37 Die mense van Reüel was die voorouers van die mense van die lande Nagat, Serag, Samma en Missa.

38 Die mense van Seïr was die voorouers van die mense van die stede Lotan, Sobal, Sibon, Ana, Dison, Eser en Disan.

39 Die mense van Lotan was die voorouers van die mense van die lande Gori en Homam. Die mense van Timna was familie van die mense van die land Lotan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

40Die mense van Sobal was die voorouers van die mense van die lande Aljan, Managat, Ebal, Sefi en Onam. Die mense van Sibon was die voorouers van die mense van die lande Aja en Ana.

41Die mense van Ana was die voorouers van die mense van die stad Disan, en die mense van Disan was die voorouers van die mense van die lande Gamran, Esban, Jitran en Keran.

42Die mense van Eser was die voorouers van die mense van die lande Bilhan, Saäwan en Jaäkan. Die mense van Dison was die voorouers van die mense van die lande Us en Aran.

Die konings van Edom

(Ook Gen 36:31-39)

43Hier is die name van die konings wat in die land Edom koning was voordat die Israeliete konings gehad het: Bela seun van Beor. Sy stad was Dinhaba.

44Toe Bela sterf, het Jobab koning geword. Jobab was die seun van Serag van die stad Bosra.

45Toe Jobab sterf, het Gusam van Temaniete-land koning geword.

46Toe Gusam sterf, het Hadad, die seun van Bedad, koning geword. Hadad het die Midianiete oorwin in die land Moab. Sy stad se naam was Awit.

47Toe Hadad sterf, het Samla van die stad Masreka koning geword.

48Toe Samla sterf, het Saul van die stad Regobot koning geword. Regobot was langs die rivier.

49Toe Saul sterf, het Baäl-Ganan, die seun van Akbor, koning geword.

50Nadat Baäl-Ganan gesterf het, het Hadad koning geword. Sy stad se naam was Paï. Hadar se vrou se naam was Mehetabel. Sy was die dogter van Matred en die kleindogter van Me-Sahab.

Die stamhoofde in Edom

(Ook Gen 36:40)

51Nadat Hadad gesterf het, het stamhoofde in die land Edom regeer. Die stamhoofde was Timna, Alja, Jetet,

52Oholibama, Ela, Pinon,

53Kenas, Teman, Mibsar,

54Magdiël en Iram. Dit was die stamhoofde in die land Edom.

1 Kronieke 2

Die seuns van Jakob

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Die seuns van Israel was Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Sebulon,

2Dan, Josef en Benjamin, Naftali, Gad en Aser.

Die nageslag van Juda

3Juda en sy Kanaänitiese vrou Bat-Sua het drie seuns gehad. Hulle name was Er, Onan en Sela. Die Here het kwaad geword vir die oudste seun, Er, en die Here het hom laat sterf.

4Juda en sy skoondogter Tamar het twee seuns gekry, hulle name was Peres en Serag, en toe het Juda vyf seuns gehad.

5Peres se seuns was Gesron en Gamul.

6Serag het vyf seuns gehad: Simri, Etan, Heman, Kalkol en Darda.

7 Akar was ’n seun van Karmi. Akar het van die goed gevat wat aan die Here gewy was. Omdat hy dit gedoen het, het die Here baie van Israel se mense laat sterf.

8Etan het ’n seun gehad, sy naam was Asarja.

9Gesron se seuns was Jeragmeël, Ram en Kelubai.

10Ram was die pa van Amminadab, en Amminadab was die pa van Nagson, die leier van die Judeërs.

11Nagson was die pa van Salmon, en Salmon was die pa van Boas.

12Boas was die pa van Obed, en Obed was die pa van Isai.

13Isai het sewe seuns gehad: Eliab, Abinadab, Samma,

14Netanel, Raddai,

15Osem en Dawid.

16Hulle susters was Seruja en Abigal. Seruja het drie seuns gehad. Hulle was: Abisai, Joab en Asael.

17Abigal was die ma van Amasa. Amasa se pa was die Ismaeliet Jeter.

18 Kaleb seun van Gesron en sy eerste vrou Asuba het ’n dogter gehad, haar naam was Jeriot. Jeriot se seuns was Jeser, Sobab en Ardon.

19Nadat Asuba gesterf het, het Kaleb getrou met Efrat, en hulle het ’n seun gehad, sy naam was Gur.

20Gur was die pa van Uri, Uri was die pa van Besaleël.

21Gesron het later gaan trou met ’n dogter van Makir. Makir was die voorvader van die mense van Gilead. Gesron was toe 60 jaar oud, en hy en hierdie vrou het ’n seun gehad, sy naam was Segub.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Segub was die pa van Jaïr. In die land Gilead was daar 23 dorpe wat behoort het aan Jaïr.

23Die mense van die land Gesur en die land Aram het die dorpe van Jaïr vir hulleself gevat, en ook die dorp Kenat en die klein dorpies daar naby. Dit was 60 dorpe almal saam. Die mense van hierdie dorpe was almal van die nageslag van Makir, die voorvader van die mense van Gilead.

24Nadat Gesron gesterf het in die stad Kaleb Efrata, het Gesron se vrou Abija nog ’n seun gekry. Dit was Asgur, die voorvader van die mense van Tekoa.

25Gesron se oudste seun, Jeragmeël, en sy vrou Agija se seuns was Ram, Buna, Oren en Osem.

26Jeragmeël het nog ’n vrou gehad. Haar naam was Atara, en sy was die ma van Onam.

27Jeragmeël se oudste seun Ram se seuns was Maäs, Jamin en Eker.

28Onam se seuns was Sammai en Jada. Sammai se seuns was Nadab en Abisur.

29Die naam van Abisur se vrou was Abihajil, en hulle was die ouers van Agban en Molid.

30Nadab se seuns was Seled en Appajim. Seled het nie kinders gehad nie.

31Appajim was die pa van Jisi, Jisi was die pa van Sesan, en Sesan was die pa van Aglai.

32Sammai se broer Jada se seuns was Jeter en Jonatan. Jeter het nie kinders gehad nie.

33Jonatan se seuns was Pelet en Sasa. Dit was die nageslag van Jeragmeël.

34Sesan het nie seuns gehad nie, net dogters. Sesan het ’n Egiptiese slaaf gehad, sy naam was Jarga.

35Sesan het een van sy dogters met sy slaaf Jarga laat trou, en hulle het ’n seun gehad, sy naam was Attai.

36Attai was die pa van Natan, Natan was die pa van Sabad,

37Sabad was die pa van Eflal, Eflal was die pa van Obed,

38Obed was die pa van Jehu, Jehu was die pa van Asarja,

39Asarja was die pa van Geles, Geles was die pa van Elasa,

40Elasa was die pa van Sismai, Sismai was die pa van Sallum,

41Sallum was die pa van Jekamja, en Jekamja was die pa van Elisama.

© Bible Society of South Africa.

42Hier is die name van die nageslag van Jeragmeël se broer Kaleb: Sy oudste seun was Mesa, hy was die voorvader van die mense van Sif. Die mense van Maresa was die voorouers van die mense van die stad Hebron.

43Die nageslag van die mense van Hebron was die mense van die stede Korag, Tappuag, Rekem en Sema.

44Die mense van Sema was die voorouers van die mense van die stad Ragam, en hulle was die voorouers van die mense van Jorkoam. Die mense van Rekem was die voorouers van die mense van die stad Sammai.

45Die mense van die stad Maon was die nageslag van die mense van Sammai, en die mense van Maon was die voorouers van die mense van die stad Bet-Sur.

46Kaleb en sy byvrou Efa was die ouers van Garan, Mosa en Gases. Garan was die pa van Gases.

47Die seuns van Jodai was Regem, Jotam, Gesan, Pelet, Efa en Sääf.

48Kaleb en sy byvrou Maäka was die ouers van Seber en Tirgana.

49Hulle was ook die ouers van Sääf, die voorvader van die mense van die stad Madmanna. Kaleb en Maäka was ook die ouers van Sewa, die voorvader van die mense van die stede Makbena en Giba. Aksa was ’n dogter van Kaleb.

50Dit was die nageslag van Kaleb. Die nageslag van Gur, die oudste seun van Efrata, was: Sobal, die voorvader van die mense van die stad Kirjat-Jearim,

51Salma, die voorvader van die mense van die stad Betlehem, en Garef, die voorvader van die mense van die stad Bet-Gader.

52Sobal, die voorvader van die mense van Kirjat-Jearim, was ook die voorvader van die mense van Haroê en van die helfte van die mense van Menugot.

53Die mense in Kirjat-Jearim was van die families Jeter, Put, Suma en Misra. Die mense van die stede Sora en Estaol was van hulle nageslag.

54Die nageslag van Salma was die mense van Betlehem, Netofa, Atrot-Bet-Joab, en die ander helfte van die mense van Menugot, en die Sora-mense.

55Die skrywersfamilies het in Jabes gewoon. Hulle was die families Tira, Sima en Soka. Hulle was Keniete, die nageslag van Gammat. Gammat was ook die voorvader van die Rekab-familie.

1 Kronieke 3

Die kinders van Dawid

© Bible Society of South Africa.

[1]Dawid het ses seuns gehad wat in Hebron gebore is. Die oudste seun was Amnon. Sy ma was Aginoam van die stad Jisreël. Die tweede seun was Daniël. Sy ma was Abigajil van die stad Karmel.

[2]Die derde seun was Absalom. Sy ma was Maäka, ’n dogter van koning Talmai van die land Gesur. Die vierde seun was Adonia. Sy ma was Gaggit.

[3]Die vyfde seun was Sefatja. Sy ma was Abital. Die sesde seun was Jitream. Sy ma was Dawid se vrou Egla.

[4]Dit is die ses seuns van Dawid wat in Hebron gebore is. Dawid was sewe jaar en ses maande lank koning in Hebron, en hy was 33 jaar lank koning in Jerusalem.

[5]In Jerusalem is daar nog seuns van Dawid gebore: Die vier seuns Sima, Sobab, Natan en Salomo se ma was Bat-Sua dogter van Ammiël.

[6-8]Dawid het nog nege seuns gehad: Jibgar, Elisama, Elifelet, Noga, Nefeg, Jafija, Elisama, Eljada en Elifelet.

[9]Dawid het nog seuns gehad, sy byvroue het ook nog seuns vir hom gekry. Hy het ook ’n dogter Tamar gehad.

Die nageslag van Salomo

[10]Die konings van die nageslag van Salomo was Rehabeam, Abia, Asa, Josafat,

[11]Joram, Ahasia, Joas,

[12]Amasia, Asarja, Jotam,

[13]Agas, Hiskia, Manasse,

[14]Amon en Josia. Elke koning het koning geword ná sy pa.

[15]Josia se vier seuns wat koning geword het, was Joganan, Jojakim, Sedekia en Sallum.

[16]Die seuns van Jojakim was Jojagin en Sedekia.

[17]Jojagin het ’n gevangene geword. Sy seuns was Sealtiël,

[18]Malkiram, Pedaja, Senassar, Jekamja, Hosama en Nedabja.

[19]Die seuns van Pedaja was Serubbabel en Simeï. Serubbabel se seuns was Mesullam en Gananja, en sy dogter was Selomit.

[20]Serubbabel het nog vyf ander seuns gehad. Hulle was Gasuba, Ohel, Berekja, Gasadja en Jusab-Gesed.

[21]Die seuns van Gananja was Pelatja, Jesaja, Refaja, Arnan, Obadja en Sekanja.

[22]Die ses seuns van Sekanja was Semaja, Gattus, Jigal, Bariag, Nearja en Safat.

[23]Die drie seuns van Nearja was Eljoënai, Hiskia en Asrikam.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Die sewe seuns van Eljoënai was Hodauja, Eljasib, Pelaja, Akkub, Joganan, Delaja en Anani.

1 Kronieke 4

Die Juda-stam

1Die seuns van Juda was Peres, Gesron, Karmi, Gur en Sobal.

2 Reaja seun van Sobal was die pa van Jagat, en Jagat was die pa van Agumai en Lagad. Hulle was die Sora-families.

3Etam was die pa van Jisreël, Jisma en Jidbas. Hulle suster se naam was Selelponi.

4Penuel was die pa van Gedor, en Eser was die pa van Gusa. Hulle was die nageslag van Gur, die oudste seun van Efrata, die voorvader van die mense van Betlehem.

5Asgur, die voorvader van die mense van Tekoa, het twee vroue gehad, hulle name was Gela en Naära.

6Asgur en Naära se seuns was Agussam, Gefer, Temni en Agastari.

7Asgur en Gela se seuns was Seret, Sogar en Etnan.

8Kos was die pa van Anub en Sobeba. Garum was die voorvader van die Agargel-families.

9Jabes was belangriker as sy broers. Sy ma het hom Jabes genoem. Sy het gesê: “Ek gee hierdie naam vir hom omdat ek baie pyn gehad het toe hy gebore is.”

10Jabes het tot die God van Israel gebid en gesê: “Ek bid dat U my baie sal seën en dat U baie grond vir my sal gee. Ek bid dat U my sal beskerm, sodat dit nie sleg sal gaan met my nie en sodat ek nie sal seerkry nie.” God het alles laat gebeur wat Jabes gevra het.

11Kelub, die broer van Suga, was die pa van Megir, en Megir was die pa van Eston.

12Eston was die voorvader van die mense van Bet-Rafa, Paseag en Teginna. Teginna was die voorvader van die mense van Ir-Nagas. Hulle was die Reka-mense.

13Die seuns van Kenas was Otniël en Seraja, en die seuns van Otniël was Gatat.

14Meonotai was die pa van Ofra, en Seraja was die pa van Joab. Joab was die voorvader van die mense van Ambagsman-vallei, want die mense daar was ambagsmanne.

15Kaleb was die seun van Jefunne, en die seuns van Kaleb was Iru, Ela en Naäm. Die seun van Ela was Kenas.

16Die seuns van Jehallelel was Sif, Sifa, Tireja en Asarel.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Die seuns van Esra was Jeter, Mered, Efa en Jalon. Mered was die pa van Mirjam, Sammai en Jisbag. Jisbag was die voorvader van die mense van Estemoa.

18Mered en sy Judese vrou was die ouers van Jered, Heber en Jekutiël. Jered was die voorvader van die mense van Gedor, Heber was die voorvader van die mense van Soko, en Jekutiël was die voorvader van die mense van Sanoag. Die ander seuns van Mered was kinders van sy vrou Bitja. Bitja was ’n dogter van die farao.

19Naham was die voorvader van die mense van Keïla. Naham se suster was getroud met Hodija, en hulle twee was die voorouers van die mense van Gerem, Estemoa en Maäka.

20Die seuns van Simon was Amnon, Rinna, Ben-Ganan en Tolon. Die seuns van Jisi was Soget en Ben-Soget.

21Sela was die seun van Juda, en Sela se seuns was Er en Lada. Er was die voorvader van die mense van Leka. Lada was die voorvader van die mense van die stad Maresa en van die families wat met linne gewerk het, hulle was van die stad Bet-Asbea.

22Sela se ander seuns was Jokim en Koseba, Joas, Saraf en Jasubi-Legem. Die land Moab het aan Saraf behoort. Al hierdie name was in ou lyste van families se name.

23Hierdie mense was pottebakkers wat in die stede Netaïm en Gedera gewoon het. Hulle het vir die koning gewerk, daarom het hulle daar gewoon.

Die Simeon-stam

24Die seuns van Simeon was Nemuel, Jamin, Jarib, Serag en Saul.

25Saul was die pa van Sallum, Sallum was die pa van Mibsam, en Mibsam was die pa van Misma.

26Die seuns van Misma was Gammuel, Sakkur en Simeï.

27Simeï het 16 seuns en ses dogters gehad, maar sy broers het nie baie kinders gehad nie. Hulle families almal saam was minder as die nageslag van Juda.

28Die Simeon-stam het gewoon in die stede Berseba, Molada, Gasar-Sual,

29 Bilha, Esem, Tolad,

30 Betuel, Siklag,

31Bet-Markabot, Gasar-Susim, Bet-Biri, en Saärajim. Hierdie stede het aan die Simeon-stam behoort totdat Dawid koning geword het.

32Hulle het ook vyf kleiner dorpies gehad, die dorpies was Etam, Ajin, Rimmon, Token en Asan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

33Hulle het ook nog al die klein dorpies gehad wat rondom hulle stede was, tot by die stad Baäl. Dit is waar die Simeon-stam gewoon het, en hulle name is geskryf in die naamlys.

34Ander leiers in die families was: Mesobab, Jamlek, Josa seun van Amasja,

35Joël, Jehu seun van Josibja seun van Seraja seun van Asiël,

36Eljoënai, Jaäkoba, Jesogaja, Asaja, Adiël, Jesimiël, Benaja,

37Sisa seun van Sifi seun van Allon seun van Jedaja seun van Simri seun van Semaja.

38Hulle name is geskryf in die naamlys en hulle was leiers in hulle families. Hulle het baie groot families gehad.

39Hulle het getrek tot naby die stad Gedor, oos van die vallei. Hulle het weiveld gesoek vir hulle skape en bokke,

40en hulle het vrugbare grond en goeie weiveld gekry. Die land was oop na al die kante toe en dit was stil en veilig. Voorheen het mense van die land Gam daar gewoon,

41maar in die tyd toe koning Hiskia van Juda regeer het, het hierdie mense van die Simeon-stam daarnatoe gekom, hulle name was geskryf in die naamlys. Hulle het die Gam-mense oorwin en hulle woonplekke gevat. Hulle het ook die Meüniete oorwin wat hulle daar gekry het. Hulle het al die mense doodgemaak en hulle het daar gaan woon in die Meüniete se plek, want daar was weiveld vir hulle skape en bokke.

42Daar was 500 manne van die Simeon-mense wat na die Seïr-berge gegaan het. Hulle leiers was Pelatja, Nearja, Refaja en Ussiël seun van Jisi.

43Hulle het die Amalekiete wat oorgebly het, doodgemaak, en hulle woon nou nog daar.

1 Kronieke 5

Die Ruben-stam

1Ruben was die oudste seun van Israel, maar hy het sy pa se bed onrein gemaak. Daarom het sy pa die regte van die oudste seun vir die seuns van Josef seun van Israel gegee. Daarom is Ruben se naam nie eerste in die naamlys geskryf nie.

2Dit was Juda wat die belangrikste van die broers geword het, en die koning het uit die Juda-stam gekom, maar dit was Josef wat die regte van die oudste seun gekry het.

3Die seuns van Israel se oudste seun Ruben was Ganok, Pallu, Gesron en Karmi.

4Joël was die pa van Semaja, Semaja was die pa van Gog, Gog was die pa van Simi,

5Simi was die pa van Miga, Miga was die pa van Reaja, Reaja was die pa van Baäl,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6en Baäl was die pa van Beëra. Beëra was die leier van die Ruben-stam toe koning Tiglat-Pileser van Assirië hom gevang en weggevat het.

7Die name van Beëra se broers was Jeïel en Sagaria. Hulle families se name was geskryf in die naamlys, en Jeïel was hulle leier.

8Dit is die nageslag van Bela seun van Asas seun van Sema seun van Joël, hulle het gewoon in die stad Aroër en tot by die stede Nebo en Baäl-Meon.

9Hulle het na die oostekant gewoon tot teen die woestyn wat suid van die Eufraat-rivier is, want hulle skape en bokke het te veel geword in die land Gilead.

10In die tyd toe Saul koning was, het die Ruben-stam oorlog gemaak teen die Hagareërs. Hulle het die Hagareërs oorwin en in hulle woonplekke gaan woon in die hele oostekant van die land Gilead.

Die Gad-stam

11Die Gad-stam het langs die Ruben-stam gewoon, hulle het gewoon in die land Basan tot by Salka.

12Joël was die leier en Safam was die onderleier. Jaänai en Safat het ook in Basan gewoon.

13Die sewe families in die Gad-stam was Mikael, Mesullam, Seba, Jorai, Jaäkan, Sia en Eber.

14Hulle was van die nageslag van Abigail seun van Guri seun van Jaroag seun van Gilead seun van Mikael seun van Jesisai seun van Jagdo seun van Bus.

15Die leier van hulle families was Agi seun van Abdiël seun van Guni.

16Die Gad-stam het gewoon in die land Gilead en in die land Basan en al sy dorpe, in al die weivelde van die land Saron tot waar die weivelde ophou.

17In die tyd toe koning Jotam van Juda en koning Jerobeam van Israel regeer het, is die name van die Gad-stam se mense in die naamlyste geskryf.

18Daar was 44 760 manne van die Ruben-stam, die Gad-stam en die halwe Manasse-stam wat oorlog kon maak. Party manne het skilde en swaarde gedra, party het met pyl en boog geskiet. Hulle het goed geleer om oorlog te maak,

19en hulle het oorlog gemaak teen die Hagareërs en teen die mense van Jetur, Nafis en Nodab.

20Hulle het tot God gebid in die oorlog, en Hy het geluister na hulle gebed omdat hulle geglo het dat Hy hulle sal help. God het hulle gehelp en Hy het hulle laat wen teen die Hagareërs en almal wat saam met die Hagareërs was.

21Die stamme het 50 000 kamele vir hulleself gevat en 250 000 skape en bokke en 2 000 donkies. Hulle het ook nog 100 000 gevangenes weggevat.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Baie van die Hagareërs het gesterf, want dit is God wat die oorlog geveg het. Die stamme het gaan woon in die land wat hulle gevat het, en hulle het daar gebly totdat die koning van Babel hulle gevang en weggevat het.

Die halwe Manasse-stam oos van die Jordaan-rivier

23Die mense van die halwe Manasse-stam het gewoon in die land van Basan tot by die stede Baäl-Hermon en Senir en tot by Hermon-berg. Hulle was baie.

24Die leiers van hulle families was Efer, Jisi, Eliël, Asriël, Jeremia, Hodauja en Jagdiël. Hulle was almal belangrike mense. Ander mense het hulle gerespekteer en hulle was die leiers van hulle families.

25Maar die mense van die stamme was ontrou aan die God van hulle voorvaders, hulle het ander gode gedien, die gode van die volke wat in die land was. God het daardie volke weggevat sodat die stamme van Israel daar kon woon.

26Die God van Israel het vir koning Pul van Assirië laat besluit om die stamme te vang en weg te vat. Koning Pul se ander naam was Tiglat-Pileser. Koning Pul het die mense van die Ruben-stam, die Gad-stam en die halwe Manasse-stam gevang en weggevat na Galag, Gabor, Hara en na die Gosan-rivier. Hulle is nou nog daar.

1 Kronieke 6

Die Levi-stam

1Die seuns van Levi was Gerson, Kehat en Merari.

2Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël.

3Die kinders van Amram was Aäron, Moses en Mirjam. Die seuns van Aäron was Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar.

4Eleasar was die pa van Pinehas, Pinehas was die pa van Abisua,

5Abisua was die pa van Bukki, Bukki was die pa van Ussi,

6Ussi was die pa van Seragja, Seragja was die pa van Merajot,

7Merajot was die pa van Amarja, Amarja was die pa van Agitub,

8Agitub was die pa van Sadok, Sadok was die pa van Agimaäs,

9Agimaäs was die pa van Asarja, Asarja was die pa van Joganan,

10Joganan was die pa van Asarja. Dit was hierdie Asarja wat die priester was in die tempel wat Salomo in Jerusalem gebou het.

11Asarja was die pa van Amarja, Amarja was die pa van Agitub,

12Agitub was die pa van Sadok, Sadok was die pa van Sallum,

13Sallum was die pa van Gilkija, Gilkija was die pa van Asarja,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Asarja was die pa van Seraja, Seraja was die pa van Josadak.

15Josadak het saamgegaan toe die Here vir Nebukadnesar gestuur het om die mense van Juda en Jerusalem te vang en weg te vat.

Die families in die nageslag van Levi

16Die seuns van Levi was Gersom, Kehat en Merari.

17Die name van die seuns van Gersom was Libni en Simi.

18Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël.

19Die seuns van Merari was Magli en Musi. En hier is nou die families in die nageslag van Levi:

20Die nageslag van Gersom was die families Libni, Jagat, Simma,

21Joag, Iddo, Serag en Jeatrai.

22Die nageslag van Kehat was die families Amminadab, Korag, Assir,

23Elkana, Ebjasaf, Assir,

24Tagat, Uriël, Ussija en Saul.

25Die nageslag van Elkana was die families Amasai, Agimot,

26Elkana, Sofai, Nagat,

27Eliab, Jerogam en Elkana.

28Die seuns van Samuel was Joël, die oudste seun, en Abija, die tweede seun.

29Die nageslag van Merari was die families Magli, Libni, Simi, Ussa,

30Sima, Gaggija en Asaja.

Die mense wat moes sing by die tempel

31Dawid het mense gekies en aangestel om by die tempel te sing nadat hy die kis van die Here op sy plek gesit het.

32Hulle werk was om te sing voor die tempel-tent, die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het. Hulle het dit daar gedoen totdat Salomo die tempel in Jerusalem gebou het. Hulle het beurte gekry om in die tempel te sing.

33-38Hier is die name van die manne wat saam met hulle seuns gesing het: Van die nageslag van Kehat was daar Heman seun van Joël. Heman moes by die tempel sing. Sy voorvaders was Levi seun van Israel, Kehat, Jishar, Korag, Ebjasaf, Assir, Tagat, Sefanja, Asarja, Joël, Elkana, Amasai, Magat, Elkana, Sif, Toag, Eliël, Jerogam, Elkana en Samuel.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

39-43Asaf seun van Berekja het saam met Heman gesing, en hy het regs langs Heman gestaan. Sy voorvaders was Levi, Gersom, Jagat, Simi, Simma, Etan, Adaja, Serag, Etni, Malkija, Baäseja, Mikael en Sima.

44-47Links langs hulle het Etan seun van Kisi gestaan. Hy was van die nageslag van Merari, en sy voorvaders was Levi, Merari, Musi, Magli, Semer, Amsi, Gilkija, Amasja, Gasabja, Malluk en Abdi.

Die nageslag van Aäron

48Die ander Leviete moes die ander werk doen by die tempel van God.

49Aäron en sy seuns moes die hoog-gewyde werk doen, hulle moes die offers aan die brand steek op die brandoffer-altaar en op die wierook-altaar. Hulle moes versoening doen vir die sondes van die Israeliete. Moses die dienaar van God het gesê wat hulle alles moet doen.

50Hier is die name van die priesters van die nageslag van Aäron: Eleasar, Pinehas, Abisua,

51Bukki, Ussi, Seragja,

52Merajot, Amarja, Agitub,

53Sadok en Agimaäs.

Die woonplekke van die Leviete

54Hier is nou ook die name van die plekke waar die Leviete kon woon. Hulle het hulle eie plekke gekry om te woon. Die families van die nageslag van Kehat seun van Aäron het eerste hulle plekke gekry.

55Die Juda-stam het vir hulle die stad Hebron gegee, en ook die weiveld rondom die stad.

56Maar die stam het vir Kaleb seun van Jefunne die grond buite die stad gegee, hy kon daar ploeg en plant. Hulle het ook die muur rondom die grond vir hom gegee.

57Die Juda-stam het vir die nageslag van Aäron die asielstad Hebron gegee en ook die stede Libna, Jattir, Estemoa,

58Giles, Debir,

59Asan en Bet-Semes. Hulle het ook die weiveld gekry wat rondom die stede was.

60Die Benjamin-stam het vir die Leviete die stede Geba, Alemet en Anatot gegee. Hierdie Leviete-families het almal saam 13 stede gekry.

61Die ander families van die nageslag van Kehat het tien stede gekry, dit was waar die halwe Manasse-stam gewoon het.

62Die families van die nageslag van Gersom het 13 stede gekry van die stamme Issaskar, Aser en Naftali en van die Manasse-stam wat in Basan gewoon het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

63Die families van die nageslag van Merari het twaalf stede gekry van die stamme Ruben, Gad en Sebulon.

64Die Israeliete het vir die Leviete die stede gegee saam met die weivelde rondom die stede.

65Die stamme Juda, Simeon en Benjamin het almal hierdie stede gegee.

66Die Kehat-families het hulle stede van die Efraim-stam gekry.

67Die stam het vir hulle die asielstad Sigem in die Efraim-berge gegee, en die stede Geser,

68Jokmeam, Bet-Goron,

69Ajalon en Gat-Rimmon, en ook die weiveld rondom die stede.

70Die een helfte van die Manasse-stam het wes van die Jordaan-rivier gewoon. Hulle het die stede Aner en Bilam vir die ander families van die nageslag van Kehat gegee, en ook die weivelde rondom die stede.

71Die ander helfte van die Manasse-stam het oos van die Jordaan-rivier gewoon. Hulle het die stad Golan in die land Basan en die stad Astarot vir die families van die nageslag van Gersom gegee, en ook die weiveld rondom die stede.

72Die Issaskar-stam het vir die Gersom-families die stede Kedes, Daberat,

73Ramot en Anem gegee, saam met die weiveld rondom die stede.

74Die Aser-stam het die stede Masal, Abdon,

75Gukok en Regob gegee, saam met die weiveld rondom die stede.

76Die Naftali-stam het die stede Kedes in Galilea, Gammon en Kirjatajim gegee, saam met die weiveld rondom die stede.

77Die Merari-families wat oorgebly het, het die stede Rimmono en Tabor gekry van die Sebulon-stam, saam met die weiveld rondom die stede.

78Oorkant die Jordaan-rivier, oos van die rivier oorkant Jerigo, het die Ruben-stam die stad Beser in die woestyn gegee, en ook die stede Jahas,

79Kedemot en Mefaät, saam met die weiveld rondom die stede.

80Die Gad-stam het die stede Ramot in Gilead, Maganajim,

81Gesbon en Jaser gegee, saam met die weiveld rondom die stede.

1 Kronieke 7

Die Issaskar-stam

1Issaskar het vier seuns gehad: Tola, Puwwa, Jasub en Simron.

© Bible Society of South Africa.

2Die seuns van Tola was Ussi, Refaja, Jeriël, Jagmai, Jibsam en Samuel. Hulle was die
hoofde van die Tola-families en hulle was belangrike manne. In die tyd toe Dawid
regeer het, was daar 22 600 afstammelinge van Tola.

3Ussi het een seun Jisragja gehad, en die seuns van Jisragja was Mikael, Obadja, Joël
en Jissija. Hierdie vyf seuns was almal familiehoofde.

4Die mans in hierdie families het baie vroue en kinders gehad. Daarom kon 36 000
manne van die nageslag van Ussi soldate word.

5Die ander manne van die nageslag van Issaskar was ook belangrike manne. Hulle
was 87 000 manne, en hulle name is geskryf in die naamlys van die Issaskar-stam.

Die Benjamin-stam

6Benjamin het drie seuns gehad: Bela, Beker en Jediael.

7Bela het vyf seuns gehad: Esbon, Ussi, Ussiël, Jerimot en Iri. Hulle was familiehoofde
en hulle was belangrike manne. Hierdie familie was 22 034 manne, en hulle name is
geskryf in die naamlys van die Benjamin-stam.

8Die seuns van Beker was Semira, Joas, Eliëser, Eljoënai, Omri, Jeremot, Abia, Anatot
en Alemet. Hulle almal was seuns van Beker.

9Hierdie familie was 20 200 manne, en hulle name is geskryf in die naamlys van die
families. Hulle was familiehoofde en hulle was belangrike manne.

10Jediael het een seun Bilhan gehad. Die seuns van Bilhan was Jeüs, Benjamin, Ehud,
Kenaäna, Setan, Tarsis en Agisagar.

11Hierdie familie was almal seuns van Jediael en hulle was familiehoofde en hulle
was belangrike manne. Hulle was 17 200 manne, en hulle kon oorlog maak.

12Die mense van die stede Suf en Guf was afstammelinge van Ir. Die mense van die
stad Gus was afstammelinge van Ager.

Die Naftali-stam

13Die seuns van Naftali was Jagasiël, Guni, Jeser en Sallum. Hulle was afstammelinge
van Bilha.

Die Manasse-stam

14Manasse en sy Aramese byvrou was die ouers van Asriël en Makir. Makir was
die voorvader van die mense wat in die land Gilead gewoon het.

15Makir het getrou met vroue van die stede Guf en Suf. Sy suster se naam was
Maäka. Sy tweede seun was Selofgad, maar Selofgad het net dogters gehad.

16Makir en sy vrou Maäka het ’n seun gekry, en sy het die seun Peres genoem. Peres
se broer was Seres, en Seres se seuns was Ulam en Rekem.

17Ulam het ’n seun Bedan gehad. Manasse se seun Makir was die voorvader van
hierdie mense van die land Gilead.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18 Makir se suster Moleket was die ma van Ishod, Abiëser en Magla.

19 Die seuns van Semida was Agjan, Sekem, Likgi en Aniam.

Die Efraim-stam

20 Efraim was die pa van Sutelag, Sutelag was die pa van Bered, Bered was die pa van Tagat, Tagat was die pa van Elada, Elada was die pa van Tagat,

21 Tagat was die pa van Sabad, Sabad was die pa van Sutelag. Efraim het nog twee seuns gehad, maar die mense van die stad Gat wat in die land gebore is, het die twee seuns doodgemaak omdat hulle die mense van Gat se skape en bokke gaan steel het.

22 Hulle pa Efraim het lank gehuil en getreur oor hulle, en sy broers het hom kom troos.

23 Daarna het Efraim en sy vrou nog ’n seun gekry, en hy het die seun Beria genoem omdat hy hartseer was oor wat in sy huisgesin gebeur het.

24 Efraim het ’n dogter Seëra gehad. Sy het die stede Bet-Goron-Onder, Bet-Goron-Bo en Ussen-Seëra gebou.

25 Efraim se seuns was Refag en Resef. Resef was die pa van Telag, Telag was die pa van Tagan,

26 Tagan was die pa van Ladan, Ladan was die pa van Ammihud, Ammihud was die pa van Elisama,

27 Elisama was die pa van Nun, en Nun was die pa van Josua.

28 Die plekke waar hulle gewoon het, was die stad Bet-El en die dorpe daar naby, en die stad Naäran by die oostekant, die stad Geser en die dorpe daar naby by die westekant, die stad Sigem en die dorpe daar naby tot by die stad Aja en die dorpe daar naby.

Die Manasse-stam se woonplekke

29 Die mense van Manasse het in die stede Bet-San, Taänak, Megiddo en Dor en in die dorpe daar naby gewoon. Dit is waar die nageslag van Josef seun van Israel gewoon het.

Die Aser-stam

30 Die seuns van Aser was Jimna, Jiswa, Jiswi en Beria. Hulle suster was Serag.

31 Die seuns van Beria was Geber en Malkiël. Malkiël was die pa van Birsajit.

32 Geber was die pa van Jaflet, Somer en Gotam, en hulle suster was Sua.

33 Die seuns van Jaflet was Pasak, Bimhal en Aswat. Hulle was die seuns van Jaflet.

34 Die seuns van Semer was Agi, Roga, Jagba en Aram.

35 Die seuns van Semer se broer Helem was Sofag, Jimna, Seles en Amal.

© Bible Society of South Africa.

36Die seuns van Sofag was Suag, Garnefer, Sual, Beri, Jimra,

37Beser, Hod, Samma, Silsa, Jitran en Beëra.

38Die seuns van Jeter was Jefunne, Pisga en Ara.

39Die seuns van Ulla was Arag, Ganiël en Risja.

40Al hierdie mense was afstammelinge van Aser. Hulle was die beste manne, familiehoofde, belangrike manne, en leiers. Hulle name is geskryf in die naamlys van die Aser-stam. Hulle was 26 000 manne en hulle kon oorlog maak.

1 Kronieke 8

Die Benjamin-stam

1Benjamin het vyf seuns gehad. Die oudste seun was Bela, die tweede seun was Asbel, die derde seun was Agrag,

2die vierde seun was Noga, en die vyfde seun was Rafa.

3Bela se seuns was Addar, Gera, Abihud,

4Abisua, Naäman, Agoag,

5Gera, Sefufan en Guram.

6Die seuns van Egud was die familiehoofde van die mense wat in Geba gewoon het. Vyande het hulle gevang en weggevat na Managat. Hier is hulle name:

7Naäman, Agija en Gera het gevangenes geword. Gera was die pa van Ussa en Agigud.

8-10Sagarajim het geskei van sy vroue Gusim en Baära, en daarna het hy en sy ander vrou Godes kinders in die land Moab gekry. Hulle was die ouers van Jobab, Siba, Mesa, Malkam, Jeüs, Sakeja en Mirma. Hulle was Sagarajim se seuns en hulle was familiehoofde.

11Sagarajim en sy vrou Gusim was die ouers van Abitub en Elpaäl.

12Die seuns van Elpaäl was Eber, Misam en Semed. Semed het die stede Ono en Lod en die dorpe daar naby gebou.

13Beria en Sema was die familiehoofde van die mense wat in die stad Ajalon gewoon het. Hulle het die mense weggejaag wat in die stad Gat gewoon het.

14-16Die seuns van Beria was Agjo, Sasak, Jeremot, Sebadja, Arad, Eder, Mikael, Jispa en Joga.

17Ander seuns van Elpaäl was Sebadja, Mesullam, Giski, Geber,

18Jismerai, Jislia en Jobab.

© Bible Society of South Africa.

19-21Die seuns van Simi was Jakim, Sikri, Sabdi, Eljoënai, Silgi, Eliël, Adaja, Beraja en Simrat.

22-25Die seuns van Sasak was Jispan, Eber, Eliël, Abdon, Sikri, Ganan, Gananja, Elam, Antotija, Jifdeja en Penuel.

26-27Die seuns van Jerogam was Samserai, Segarja, Atalja, Jaäresja, Elija en Sikri.

28Hierdie manne was die hoofde van hulle families en hulle leiers. Hulle het in Jerusalem gewoon.

Saul se voorvaders en sy nageslag

(Ook 1 Kron 9:35-44)

29Die voorvader van die mense van die stad Gibeon het in Gibeon gewoon. Sy vrou se naam was Maäka.

30Sy oudste seun was Abdon, en sy ander seuns was Sur, Kis, Baäl, Nadab,

31Gedor, Agjo en Seker.

32Miklot was die pa van Sima. Hulle het ook by hulle familie in Jerusalem gewoon.

33Ner was die pa van Kis, Kis was die pa van Saul, en Saul was die pa van Jonatan, Malki-Sua, Abinadab en Esbaäl.

34Die seun van Jonatan was Meribbaäl, en Meribbaäl was die pa van Miga.

35Die seuns van Miga was Piton, Melek, Tarea en Agas.

36Agas was die pa van Joadda, en Joadda was die pa van Alemet, Asmawet en Simri. Simri was die pa van Mosa.

37Mosa was die pa van Bina, Bina was die pa van Rafa, Rafa was die pa van Elasa, en Elasa was die pa van Asel.

38Asel het ses seuns gehad. Hier is hulle name: Asrikam, Bokeru, Ismael, Searja, Obadja en Ganan.

39Asel se broer Esek het drie seuns gehad: Ulam, Jeüs en Elifelet.

40Die seuns van Ulam was belangrike manne. Hulle het met pyl en boog geskiet. Hulle het baie kinders en kleinkinders gehad, daar was 150 kinders en kleinkinders. Al hierdie mense was van die nageslag van Benjamin.

1 Kronieke 9

Die families in Jerusalem

(Kyk ook Neh 11:1-8)

1Al die Israeliete se name is geskryf in die naamlys, in die boek oor die konings van Israel. Die mense van Juda het gevangenes in die land Babel geword omdat hulle ontrou was aan die Here.

© Bible Society of South Africa.

2Die eerste mense wat weer op hulle grond in hulle stede kom woon het, was Israeliete, priesters, Leviete en tempel-slawe.

3Party van die mense van die stamme Juda, Benjamin, Efraim en Manasse het in Jerusalem kom woon. Hulle was:

4Utai seun van Ammihud seun van Omri seun van Imri seun van Bani, hulle was van die nageslag van Peres seun van Juda.

5Van die mense van die stad Silo was daar die oudste seun Asaja en sy seuns.

6Van die nageslag van Serag was daar Jeüel en sy familie, hulle was almal saam 690 mense.

7Van die Benjamin-stam was daar Sallu seun van Mesullam seun van Hodauja seun van Senua,

8Jibneja seun van Jerogam, Ela seun van Ussi seun van Mikri, en Mesullam seun van Sefatja seun van Reüel seun van Jibneja,

9en hulle ander familie. Hulle was almal saam 956 mense. Al hierdie manne was hoofde van hulle families.

Priesters en Leviete in Jerusalem

10Hier is die name van die priesters wat in Jerusalem gewoon het: Jedaja, Jojarib, Jakin,

11Asarja seun van Gilkija seun van Mesullam seun van Sadok seun van Merajot seun van Agitub, die hoof van die tempel.

12Daar was ook Adaja seun van Jerogam seun van Pasgur seun van Malkija, en Masai seun van Adiël seun van Jagsera seun van Mesullam seun van Mesillemot seun van Immer.

13Daar was ook hulle ander familie, die hoofde van families. Hulle was almal saam 1 760 priesters. Hulle was belangrike manne wat die werk in die tempel kon doen.

14Die Leviete was Semaja seun van Gassub seun van Asrikam seun van Gasabja van die nageslag van Merari.

15Daar was ook Bakbakkar, Geres, Galal en Mattanja seun van Miga seun van Sikri seun van Asaf,

16en Obadja seun van Semaja seun van Galal seun van Jedutun, en Berekja seun van Asa seun van Elkana. Elkana het gewoon in die dorpe naby die stad Netofa.

17Die poortwagte was Sallum, Akkub, Talmon, Agiman en hulle familie. Sallum was die hoof.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18Hierdie familie is nou nog by die Koning-poort oos van die tempel. Hulle was voorheen die poortwagte by die tente van die Leviete.

19Daar was ook Sallum seun van Kore seun van Ebjasaf seun van Korag, en sy familie. Die Korag-familie se werk was om wag te staan by die deure van die tent. Hulle voorvaders was wagte by die ingang van die kamp van die Here.

20Voorheen was Pinehas seun van Eleasar hulle hoof. Die Here was by Pinehas.

21Sagaria seun van Meselemja was die poortwag by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het.

22Die beste manne, die wagte by die poorte en by die deure was almal saam 212. Hulle name is geskryf in die naamlys op die plekke waar hulle gewoon het. Dawid en die siener Samuel het hulle gekies en aangestel om die werk te doen.

23Hulle en hulle seuns was die wagte by die poorte van die tempel-tent en van die tempel.

24Daar was wagte by die poorte oos, wes, suid en noord van die tempel.

25Hulle familie het gewoon in hulle dorpe en hulle het elke maal sewe dae lank kom werk wanneer dit hulle beurt was.

26Die vier belangrikste poortwagte was Leviete en hulle het elke dag gewerk. Hulle moes ook kyk dat alles reg is by die kamers by die tempel en by die stoorkamers.

27Hulle het naby die tempel geslaap, want hulle moes wagstaan en hulle moes elke oggend die deure oopsluit.

28Party van die Leviete moes sorg vir die gereedskap wat die priesters gebruik het. Hulle moes elke maal genoeg gereedskap vir die priesters gee en hulle moes dit weer terugneem.

29Party Leviete moes sorg vir die ander gereedskap, vir al die gewyde gereedskap en vir die meel en die wyn en die olyf-olie en die wierook en die speserye.

30Party priesters moes die spesery-salf meng.

31Een van die Leviete was Mattitja. Hy was die oudste seun van Sallum van die nageslag van Korag. Hy moes elke dag kyk dat die bakkers hulle werk doen.

32Party van die ander Leviete was afstammelinge van Kehat. Hulle moes elke Sabbatdag die rye offer-brood op die tafel sit.

33Die familiehoofde van die Leviete wat by die tempel moes sing, het in die kamers by die tempel gewoon. Hulle het nie ander werk gedoen nie, want hulle moes elke dag en nag gereed wees om hulle werk te doen.

© Bible Society of South Africa.

34Die mense wie se name hierbo geskryf is, was familiehoofde van die Leviete. Hulle was die hoofde van die families wat afstammelinge van Levi was, en hulle het in Jerusalem gewoon.

Saul se voorvaders en sy nageslag

(Ook 1 Kron 8:29-38)

35Jeïel, die voorvader van die mense van die stad Gibeon, het in Gibeon gewoon. Sy vrou se naam was Maäka.

36Sy oudste seun was Abdon, en sy ander seuns was Sur, Kis, Baäl, Nadab,

37Gedor, Agjo, Seker en Miklot.

38Miklot was die pa van Sima. Hulle het ook by hulle familie in Jerusalem gewoon.

39Ner was die pa van Kis, Kis was die pa van Saul, en Saul was die pa van Jonatan, Malki-Sua, Abinadab en Esbaäl.

40Die seun van Jonatan was Meribbaäl, en Meribbaäl was die pa van Miga.

41Die seuns van Miga was Piton, Melek, Tagrea

42en Agas. Agas was die pa van Joadda, en Joadda was die pa van Alemet, Asmawet en Simri. Simri was die pa van Mosa.

43Mosa was die pa van Bina, Bina was die pa van Rafa, Rafa was die pa van Elasa, en Elasa was die pa van Asel.

44Asel het ses seuns gehad. Hier is hulle name: Asrikam, Bokeru, Ismael, Searja, Obadja en Ganan.

1 Kronieke 10

Saul sterf

(Ook 1 Sam 31:1-13)

1Die Filistyne het oorlog gemaak teen die Israeliete. Die manne van Israel het gevlug vir die Filistyne, en die Filistyne het baie Israeliete doodgemaak op Gilboa-berg.

2Die Filistyne het ook teen Saul en sy seuns geveg en hulle het Saul se seuns Jonatan, Abinadab en Malki-Sua gevang en doodgemaak.

3Daarna het die Filistyne vir Saul aangeval, die Filistyne wat met pyl en boog skiet, en Saul het baie bang geword vir hulle.

4Hy het vir sy wapendraer gesê: “Jy moet jou swaard neem en jy moet my doodsteek. Ek wil nie hê hierdie heidene moet my kom doodsteek en vir my lag nie.” Maar sy wapendraer wou dit nie doen nie, hy was bang. Toe neem Saul self sy swaard en hy val daarop. Die swaard het deur hom gesteek.

© Bible Society of South Africa.

5Toe die wapendraer sien dat Saul dood is, het hy ook op sy swaard geval en hy het saam met Saul gesterf.

6So het Saul en sy drie seuns, al sy seuns, saam gesterf.

7En toe die mense van Israel wat in die vallei was, hoor dat die manne van Israel gevlug het en dat Saul dood is, het hulle uit hulle stede gevlug. Die Filistyne het toe gekom en hulle het in daardie stede gaan woon.

8Die Filistyne het die volgende dag gekom om die goed en die klere van die dooie mense te vat, en hulle het vir Saul en sy drie seuns op Gilboa-berg gekry, Saul en sy seuns was dood.

9Hulle het Saul se goed en sy klere gevat, sy kop afgekap en sy wapens in Filistyne-land rondgestuur om die goeie nuus te bring in die tempels van hulle afgode en vir hulle mense.

10Hulle het Saul se wapens in hulle tempel gesit en hulle het sy kop in die tempel van hulle god Dagon opgehang.

11Toe al die mense van die stad Jabes in die land Gilead hoor wat die Filistyne alles met Saul gedoen het,

12het al die belangrike manne gereedgemaak en hulle het Saul en sy seuns se lyke geneem en hulle het dit na Jabes gebring. Hulle het die bene onder die groot boom by Jabes begrawe. Daarna het hulle sewe dae lank gevas.

13Saul het gesterf omdat hy ontrou was aan die Here. Hy het nie gedoen wat die Here vir hom gesê het nie en hy het vir ’n gees gaan vra wat hy moet doen.

14Hy het nie vir die Here gevra nie. Daarom het die Here vir Saul laat sterf en het Hy vir Dawid seun van Isai koning laat word.

1 Kronieke 11

Die stamme salf vir Dawid om koning te wees

(Ook 2 Sam 5:1-3)

1Die hele Israel het na Dawid toe gekom in die stad Hebron en hulle het vir hom gesê: “Jy weet ons is jou mense.

2Toe Saul nog ons koning was, het jy ook vir Israel in die oorlog gelei, en die Here het vir jou gesê: “ ‘Jy moet ’n herder wees vir my volk Israel, jy moet koning wees oor my volk Israel.’ ”

3Al die leiers van Israel het na die koning toe gekom in Hebron, en Dawid het met hulle ’n ooreenkoms gemaak by die tempel in Hebron. Hulle het vir Dawid gesalf om koning te wees van Israel. Dit het gebeur soos die Here gesê het toe Hy vir Samuel gestuur het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Dawid oorwin die stad Jerusalem en hy gaan woon daar

(Ook 2 Sam 5:6-7)

4Dawid en al die manne van Israel het na die stad Jerusalem gegaan. Jerusalem se naam was toe Jebus, die Jebusiete het daar gewoon.

5Die mense van Jebus het vir Dawid gesê: “Jy sal nie hier kan inkom nie.” Maar Dawid het die stad Sion wat sterk mure gehad het, oorwin, dit is nou die Dawidstad.

6Dawid het gesê: “Die eerste man wat ’n Jebusiet doodslaan, sal die hoof en leier word.” Joab seun van Seruja het eerste aangeval, en hy het die hoof geword.

7Dawid het gaan woon in die stad wat sterk mure het. Daarom het hulle dit die “Dawidstad” genoem.

8Dawid het nog ’n muur rondom die stad gebou, van die terras en verder af. Joab het die ander mure reggemaak.

9Dawid het ’n belangrike koning geword. Die Here wat oor alles regeer, was by Dawid.

Die spesiale manne van Dawid

(Kyk ook 2 Sam 23:8-39)

10Hier is die name van die hoofde van die spesiale manne van Dawid. Hulle het hom gehelp om ’n belangrike koning te word. Hulle en al die Israeliete het vir Dawid koning gemaak. Dit het gebeur soos die Here gesê het oor Israel.

11Hier is die lys van die name van die spesiale manne van Dawid: Jasobam van die stad Gakmon was die hoof van die 30 spesiale manne. Hy het 300 manne op een plek doodgemaak met sy spies.

12Ná Jasobam was daar Eleasar seun van Dodo van die stad Agoag. Hy was een van drie spesiale manne.

13Dit is hy wat by Dawid in Pas-Dammim was toe die Filistyne daar bymekaargekom het om oorlog te maak. Daar was ’n stuk grond vol gars. Die manne van Dawid het gevlug vir die Filistyne,

14maar die spesiale manne het op die stuk grond bly staan en hulle het gekeer, die Filistyne kon nie die grond vat nie. Die spesiale manne het die Filistyne oorwin. Die Here het hulle gered en Hy het hulle laat wen teen al die Filistyne.

15Drie van die 30 leiers het afgegaan na die rots by die Adullam-grot. Dawid was toe daar. Die tente van die Filistyne was in Spook-laagte.

16Dawid het daardie tyd weggekruip in ’n veilige plek in die berge, en die Filistyne het manne in die stad Betlehem laat bly om die stad op te pas.

17Dawid het dors geword en gesê: “Ek wens iemand bring vir my water uit die watergat in die poort van Betlehem.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18Die drie manne het tussen die tente van die Filistyne deurgeloop en hulle het water geskep uit die watergat in die poort van Betlehem. Hulle het dit vir Dawid gebring, maar Dawid wou dit nie drink nie. Hy het dit vir die Here gegee, dit was ’n drank-offer.

19Dawid het gesê: “My God moet keer as ek hierdie water wil drink. As hierdie manne gesterf het toe hulle die water gaan haal het, dan was dit my skuld.” Dawid wou nie die water drink nie, maar dit is wat die drie manne gedoen het.

20Abisai broer van Joab was die leier van hierdie drie manne. Hy het 300 manne doodgemaak met sy spies. Maar hy was nie een van die eerste drie spesiale manne nie.

21Hy was die belangrikste van die tweede drie spesiale manne en hy was hulle leier, maar hy het nie een van die eerste drie manne geword nie.

22Benaja seun van Jojada van die stad Kabseël was ’n dapper man wat groot dinge gedoen het. Dit is hý wat daardie twee baie sterk manne van Moab oorwin het. En eendag toe dit gesneeu het, het hy afgegaan in ’n gat en hy het ’n leeu doodgemaak.

23Dit is ook hý wat die Egiptenaar oorwin het. Die Egiptenaar was ’n groot man, hy was vyf el lank, en hy het ’n spies in sy hand gehad. Die spies was so groot soos die balk van ’n weefstoel. Maar Benaja het net ’n stok saamgeneem toe hy afgegaan het. Hy het die spies uit die Egiptenaar se hand gevat en hy het die Egiptenaar met sy eie spies doodgemaak.

24Dit is wat Benaja seun van Jojada gedoen het. Die 30 spesiale manne het toe gedink Benaja is baie belangrik.

25Hy was die belangrikste van die 30 manne, maar hy het nie een van die eerste drie manne geword nie. Dawid het hom gekies en aangestel om die hoof te wees van die manne wat die koning moes oppas.

26Die spesiale manne was: Asael broer van Joab, Elganan seun van Dodo van die stad Betlehem,

27 Sammot van die stad Haror, Geles van die stad Pelon,

28Ira seun van Ikkes van die stad Tekoa, Abiëser van die stad Anatot,

29Sibbekai van die stad Gusa, Ilai van die stad Agoag,

30Magri van die stad Netofa, Geled seun van Baäna van die stad Netofa,

31Itai seun van Ribai van die stad Gibea in die land Benjamin, Benaja van die stad Piraton,

32 Gurai van die stad Nagale-Gaäs, Abiël van die stad Bet-Araba,

33Asmawet van die stad Bagurim, Eljagba van die stad Saälbon,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34die seuns van Hasem van die stad Gison, Jonatan seun van Sage van die stad Harar,

35Agiam seun van Sakar van die stad Harar, Elifal seun van Ur,

36Gefer van die stad Mekera, Agija van die stad Pelon,

37 Gesro van die stad Karmel, Naärai seun van Esbai,

38Joël broer van Natan, Mibgar seun van Hagri,

39Selek die Ammoniet, Nagrai van die stad Beërot, Nagrai het die wapens gedra van Joab seun van Seruja,

40Ira en Gareb van die stad Jeter,

41Urija die Hetiet, Sabad seun van Aglai,

42Adina seun van Sisa van die Ruben-stam, Adina was ’n leier van die stam en daar was 30 manne by hom.

43Daar was ook Ganan seun van Maäka, Josafat van die stad Meten,

44Ussia van die stad Astarot, Sama en Jeïel seuns van Gotam van die stad Aroër,

45Jediael seun van Simri, sy broer Joga van die stad Tis,

46Eliël van die stad Magawi, Jeribai en Josauja seuns van Elnaäm, Jitma die Moabiet,

47Eliël, Obed en Jaäsiël van die stad Mesoba.

1 Kronieke 12

Die manne wat na Dawid toe gekom het

1Hier is die name van die manne wat na Dawid toe gekom het in Siklag. Dawid moes toe nog vlug vir Saul seun van Kis. Die manne was by die spesiale manne wat vir Dawid gehelp het wanneer hy oorlog gemaak het.

2Elke man het ’n pyl en boog gehad en elkeen kon met die regter-hand of met die linker-hand met ’n slingervel gooi en met ’n pyl en boog skiet. Hulle was soos Saul van die Benjamin-stam.

3Die leier was Agiëser. Joas seun van Semaä van die stad Gibea het ook na Dawid toe gekom, ook Jesiël en Pelet seuns van Asmawet, en ook Beraka en Jehu van die stad Anatot.

4Jismaja van die stad Gibeon was een van 30 spesiale manne en hy was hulle leier. Jeremia, Joganan en Josabad van die stad Gedera was ook daar,

5en ook Elusai, Jerimot, Bealja, Semarja, Sefatja van die stad Garif,

6Elkana, Jissija, Asarel, Joëser, Jasobam van die stad Korag,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7en Joëla en Sebadja seuns van Jerogam van die stad Gedor.

8Van die Gad-stam het daar ook manne na Dawid toe gekom. Dawid was toe in ’n veilige plek in die berge. Dit was spesiale manne wat goed oorlog kon maak, en elkeen het ’n groot skild en ’n spies gehad. Hulle was so kwaai soos leeus en so vinnig soos ribbokke in die berge.

9Hulle was elf manne. Eser was die leier en Obadja was die onderleier. Die ander manne was Eliab,

10Mismanna, Jeremia,

11Attai, Eliël,

12Joganan, Elsabad,

13Jeremia en Makbannai.

14Dit was die mense van die Gad-stam. Hulle was offisiere. Die kleinste van hierdie manne kon 100 manne oorwin, en die grootste man kon 1 000 manne oorwin.

15Dit is húlle wat deur die Jordaan-rivier gekom het in die eerste maand, toe die water van die rivier oor die walle gestroom het. Die water het al die mense in die valleie laat vlug, die mense wat langs die twee kante van die rivier gewoon het.

16Mense van die Benjamin-stam en die Juda-stam het gekom na die veilige plek in die berge waar Dawid weggekruip het.

17Dawid het uitgegaan na hulle toe en hy het vir hulle gesê: “As julle na my toe gekom het om my te help en as julle vrede wil hê, dan sal ek saam met julle veg. Maar as julle gekom het om te kyk waar ek is om dit vir my vyande te vertel, dan bid ek dat die God van my voorvaders dit sal sien en dat Hy julle sal straf, want ek het niks verkeerd gedoen nie.”

18Amasai was die leier van die 30 manne. Die Gees van die Here het in Amasai gekom en hy het gesê: “Dawid, ons wil by jou wees, seun van Isai, ons wil saam met jou gaan! Ons bid dat dit goed sal gaan met jou, baie goed, ons bid dat dit goed sal gaan met elkeen wat vir jou help, want dit is jou God wat vir jou help.” Dawid het toe gesê hulle kan by hom bly, en hy het hulle die leiers gemaak van sy manne.

19Manne van die Manasse-stam het na Dawid toe gekom toe hy saam met die Filistyne oorlog gaan maak het teen Saul. Maar Dawid het toe nie die Filistyne gehelp nie, want die leiers van die Filistyne het daaroor gepraat en hulle het gesê: “Sy koning sal weer baie van hom hou as hy die koppe van ons manne vir die koning bring.”

20Die manne van die Manasse-stam wat na Dawid toe gekom het toe hy na Siklag gegaan het, was Adnag, Josabad, Jediael, Mikael, Josabad, Elihu en Silletai. Elkeen van hulle was ’n leier van 1 000 manne in die Manasse-stam.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Hulle het vir Dawid gehelp en hulle het leiers van sy manne geword, want hulle was almal belangrike manne en offisiere.

Die leër van Dawid in Hebron

22Daar het elke dag manne na Dawid toe gekom om hom te help. Hy het later ’n groot leër gehad, ’n baie groot leër.

23Die manne wat in Hebron na Dawid toe gekom het om hom te help om koning te word in Saul se plek, het dit gedoen omdat die Here dit wou hê. Hulle was gereed om oorlog te maak. Hier is die getalle van die manne:

24Van die Juda-stam was daar 6 800 manne. Hulle het skilde en spiese gehad en hulle was gereed om oorlog te maak.

25Van die Simeon-stam was daar 7 100 manne wat goed oorlog kon maak.

26Van die Levi-stam was daar 4 600 manne.

27Jojada, die hoof van die nageslag van Aäron, het ook gekom. Saam met hom was daar 3 700 manne.

28Sadok was toe nog jonk, maar hy was ’n belangrike man. Daar was 22 leiers van sy familie.

29Die Benjamin-stam was familie van Saul en die meeste van hulle het aangehou om die koningshuis van Saul te help. Daar het 3 000 van hulle manne na Dawid toe gekom.

30Van die Efraim-stam het 20 800 manne gekom. Hulle was belangrike manne in hulle families en hulle kon goed oorlog maak.

31Van die een halwe Manasse-stam het 18 000 manne gekom. Hulle stam het hierdie manne gestuur om na Dawid toe te kom en hom koning te maak.

32Van die Issaskar-stam het 200 leiers gekom. Hulle het geweet wanneer dit die regte tyd is om iets te doen, hulle het geweet wat die Israeliete moet doen. Hulle was die leiers van die manne van hulle stam.

33Van die Sebulon-stam het 50 000 manne gekom. Hulle was gereed om oorlog te maak, hulle het al die wapens gehad wat hulle moes hê om oorlog te maak, en hulle almal wou graag vir Dawid help.

34Van die Naftali-stam het 1 000 offisiere gekom en saam met hulle het 37 000 manne gekom wat skilde en spiese gehad het.

35Van die Dan-stam het 28 600 manne gekom, hulle almal was gereed om oorlog te maak.

36Van die Aser-stam het 40 000 manne gekom. Hulle was gereed om oorlog te maak en hulle het wapens gehad.

© Bible Society of South Africa.

37Van die oostekant van die Jordaan-rivier het 120 000 manne van die Ruben-stam, die Gad-stam en die ander helfte van die Manasse-stam gekom. Hulle het al die wapens gehad wat hulle moes hê om oorlog te maak.

38Al hierdie manne het na die stad Hebron gekom. Hulle was gereed om oorlog te maak en hulle almal wou graag help om vir Dawid koning te maak oor al die Israeliete. Al die Israeliete wat nie gekom het nie, wou ook graag vir Dawid koning maak.

39Die manne wat gekom het, was drie dae lank daar by Dawid. Die mense van Hebron het vir hulle kos gegee.

40Ander mense van die stamme Issaskar, Sebulon en Naftali was naby en hulle het ook kos gebring. Hulle het meel, vyekoeke, druiwe, wyn en olyf-olie gebring op donkies, kamele, muile en beeste. Hulle het ook baie beeste en skape en bokke gebring, want al die Israeliete was baie bly.

1 Kronieke 13

Dawid gaan haal die kis van die Here

1Dawid het vir elke leier gevra wat hy dink, vir elke leier van 1 000 manne en vir elke leier van 100 manne.

2Dawid het toe vir die volksvergadering van Israel gesê: “As julle dink dit is goed en as julle dink ons God die Here wil dit hê, dan moet ons boodskappe stuur na al die Israeliete wat nie hier is nie, ons moet dit stuur na al die kante toe, oral in die land Israel. Hulle moet hier by ons bymekaarkom, en saam met hulle moet ook die priesters kom en die Leviete wat in hulle eie stede woon waar daar weiveld is.

3Dan moet ons die kis van ons God na ons toe laat terugkom, want in die tyd toe Saul koning was, was ons nie bekommerd oor die kis nie.”

4Die hele vergadering het gesê dit is goed, hulle moet dit doen, want die hele volk het gedink dit is reg.

5Dawid het al die Israeliete laat bymekaarkom om die kis van God uit die stad Kirjat-Jearim te bring, al die Israeliete van die Sigor-rivier by Egipte tot by die stad Lebo-Hamat.

Dawid laat die kis van die Here bring na die huis van Obed-Edom

(Kyk ook 2 Sam 6:2-11)

6Dawid en al die Israeliete het na die stad Baäla gegaan. Baäla se ander naam was Kirjat-Jearim en dit het behoort aan die Juda-stam. Hulle het die kis van God gaan haal, die kis van die Here. Die Here se troon is bokant die gerubs en die kis behoort aan Here.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Hulle het die kis van God uit die huis van Abinadab geneem en hulle het dit op ’n nuwe wa gesit. Ussa en Agjo het die beeste gedryf wat die wa getrek het.

8Dawid en al die Israeliete het voor God gedans en hulle het baie hard gesing. Hulle het liere en harpe gespeel en tamboeryne en simbale geslaan en trompette geblaas.

9Toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het die beeste amper geval en die kis het geskuif. Ussa het sy hand uitgesteek om die kis vas te hou.

10Die Here het kwaad geword vir Ussa en Hy het vir Ussa doodgemaak omdat hy met sy hand aan die kis geraak het. Ussa het daar voor God gesterf.

11Dawid was baie geskok en ontsteld omdat die Here vir Ussa laat sterf het. Dawid het daardie plek genoem “ Peres-Ussa,” en dit is vandag nog die plek se naam.

12Dawid het daardie dag bang geword vir die Here. Dawid het gesê: “Ek kan nie die kis van God na my toe laat kom nie.”

13Daarom het Dawid nie die kis na hom toe laat kom in die Dawidstad nie. Hy het gesê hulle moet die kis bring na die huis van Obed-Edom. Obed-Edom het van die stad Gat gekom.

14Die kis van God het drie maande lank in die huis van Obed-Edom gebly. Die Here het die huisgesin van Obed-Edom geseën en ook alles wat aan hom behoort.

1 Kronieke 14

Dawid word ’n belangrike koning

(Kyk ook 2 Sam 5:11-12)

1Koning Hiram van die stad Tirus het boodskappers na Dawid toe gestuur. Hy het ook sederhout gestuur en ambagsmanne wat met klip en hout kon werk, en hulle het vir Dawid ’n paleis gebou.

2Dawid het besef dat die Here vir hom koning oor Israel gemaak het. Hy het besef dat die Here lief is vir sy volk Israel en dat Hy daarom vir Dawid ’n baie belangrike koning laat word het.

Die ander kinders van Dawid

(Kyk ook 2 Sam 5:13-14)

3Dawid het met nog vroue in Jerusalem getrou en hy het nog seuns en dogters gekry.

4Hier is die name van die kinders van Dawid wat in Jerusalem gebore is: Sammua, Sobab, Natan, Salomo,

5Jibgar, Elisua, Elpelet,

6Noga, Nefeg, Jafija,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Elisama, Beëljada en Elifelet.

Dawid maak oorlog teen die Filistyne

(Kyk ook 2 Sam 5:17-25)

8Die Filistyne het gehoor dat Dawid koning geword het oor al die Israeliete, en al die Filistyne het vir Dawid kom soek om hom te vang. Dawid het dit gehoor en hy het na hulle toe gegaan.

9Die Filistyne het gekom tot in Spook-laagte en hulle het daar gereedgestaan.

10Dawid het vir God die Here gevra: “Moet ek die Filistyne gaan aanval? Sal U my laat wen teen hulle?” Die Here het vir Dawid gesê: “Ja, jy moet hulle gaan aanval, Ek sal jou laat wen teen hulle.”

11Dawid het na die stad Baäl-Perasim gegaan en hy het die Filistyne daar oorwin. Hy het gesê: “God het my vyande oorwin en stukkend geslaan soos water alles stukkend breek. Hy het gesê ek moet dit doen.” Dit is hoekom hulle daardie plek Baäl-Perasim noem.

12Die Filistyne het hulle gode daar gelos, en Dawid het gesê sy manne moet die gode verbrand.

13Die Filistyne het weer na Spook-laagte gekom en hulle het daar gereedgestaan.

14Dawid het weer vir God gevra wat hy moet doen. God het vir hom gesê: “Jy moenie vir hulle van voor aanval nie, jy moet agter-om hulle gaan en jy moet hulle aanval by die melkbosse.

15Jy sal in die boonste punte van die melkbosse iets hoor, jy sal dink jy hoor dat mense daar loop. Wanneer jy dit hoor, dan moet jy die oorlog begin, want dit is Ek wat voor jou gaan om die Filistyne te oorwin.”

16Dawid het gedoen wat God gesê het, en hy het die Filistyne oorwin, van die stad Gibeon tot by die stad Geser.

17Die mense van al die lande het geweet dat Dawid ’n belangrike koning is, die Here het al die volke bang laat word vir Dawid.

1 Kronieke 15

Dawid bring die kis van God na Jerusalem

1Dawid het vir hom paleise gebou in die Dawidstad. Hy het ook ’n plek gereedgemaak vir die kis van God en hy het ’n tent opgeslaan vir die kis.

2Dawid het daardie tyd gesê net die Leviete mag die kis van God dra, niemand anders mag dit dra nie. Die Here het hulle gekies om die kis te dra en om altyd daarmee te werk.

© Bible Society of South Africa.

3Dawid het al die Israeliete na Jerusalem laat kom om die kis van die Here te bring na die plek wat hy daarvoor gereedgemaak het.

4Dawid het toe die nageslag van Aäron en die Leviete laat bymekaarkom.

5Van die Kehat-familie was daar 120 mense, en hulle leier was Uriël.

6Van die Merari-familie was daar 200, en hulle leier was Asaja.

7Van die Gersom-familie was daar 130, en hulle leier was Joël.

8Van die Elisafan-familie was daar 200, en hulle leier was Semaja.

9Van die Hebron-familie was daar 80, en hulle leier was Eliël.

10Van die Ussiël-familie was daar 112, en hulle leier was Amminadab.

11Dawid het die priesters Sadok en Abjatar geroep en ook vir Uriël, Asaja, Joël, Semaja, Eliël en Amminadab, hulle was Leviete.

12Hy het vir hulle gesê: “Julle is die hoofde van die Leviete-families. Julle moet julleself en julle families wy en julle moet die kis van die Here, die God van Israel, na die plek bring wat ek daarvoor gereedgemaak het.

13Julle het nie die vorige maal die kis gedra nie, en daarom het ons God die Here ons gestraf, want ons moes vir Hom gevra het hoe ons dit moet doen, maar ons het dit nie gevra nie.”

14Die priesters en die Leviete het hulleself gewy om die kis van die Here, die God van Israel, te gaan haal.

15Die Leviete het die kis van God op dra-houte op hulle skouers gedra soos Moses gesê het. Die Here het vir Moses gesê hulle moet die kis so dra.

16Dawid het vir die leiers van die Leviete gesê hulle moet Leviete kies en aanstel om te sing en om musiek-instrumente te speel: harpe en liere en simbale. Hulle moes wys dat hulle bly is en hulle moes hard skree.

17Die Leviete het toe hierdie manne laat gereedstaan, hulle was almal Leviete: Heman seun van Joël, Asaf seun van Berekja, en Etan seun van Kusaja van die Merari-familie.

18Saam met hulle was daar Leviete wat minder belangrik was: Sagaria, Jaäsiël, Semiramot, Jegiël, Unni, Eliab, Benaja, Maäseja, Mattitja, Elifele, Mikneja, en die poortwagte Obed-Edom en Jeïel.

19Die mense wat moes sing, was Heman, Asaf en Etan, hulle moes die brons simbale slaan.

20Sagaria, Asiël, Semiramot, Jegiël, Unni, Eliab, Maäseja en Benaja moes die harpe speel wat soos ’n vrou se stem is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Mattitja, Elifele, Mikneja, Obed-Edom, Jeïel en Asasja moes die liere speel wat soos ’n man se stem is. Hulle moes dit speel wanneer die mense sing.

22Kenanja was die hoof van die Leviete wat die goed moes dra. Kenanja het geweet hoe om dit te doen, en hy het vir die ander Leviete geleer hoe om dit te doen.

23Berekja en Elkana was poortwagte by die kis.

24Die priesters Sebanja, Josafat, Netanel, Amasai, Sagaria, Benaja en Eliëser het die trompette geblaas voor die kis van God. Obed-Edom en Jegija was ook poortwagte by die kis.

25Dawid en die leiers van Israel en die belangrike offisiere wat saamgegaan het om die verbondskis van die Here uit die huis van Obed-Edom te bring, was baie bly.

26Hulle het sewe bulle en sewe skaap-ramme ge-offer omdat God die Leviete gehelp het wat die verbondskis dra.

27Dawid het ’n bo-kleed van fyn linne aangehad. Die Leviete wat die kis gedra het en die mense wat moes sing, en Kenanja, hulle leier, het ook elkeen ’n bo-kleed van fyn linne gedra. Dawid het ook nog ’n linne-skouer-kleed gedra.

28Al die Israeliete het die verbondskis gebring. Hulle het geskree en hulle het ramshorings en trompette geblaas, hulle het simbale geslaan, en harpe en liere gespeel.

29Toe die verbondskis by die Dawidstad kom, het Mikal dogter van Saul by die venster uitgekyk en sy het gesien hoe koning Dawid spring en dans. Toe sy dit sien, wou sy hom nie meer respekteer nie.

1 Kronieke 16

1Hulle het die kis van God gebring en hulle het dit neergesit in die tent wat Dawid laat opslaan het om die kis in te sit. Daarna het hulle brand-offers en ete-offers vir God gebring.

2Nadat Dawid die brand-offers en die ete-offers ge-offer het, het hy vir die volk gesê dat die Here hulle sal seën.

3Hy het vir elke Israeliet ’n broodjie en dadels en rosyntjies gegee, hy het dit vir elke man en vrou gegee.

4Hy het ook party Leviete gekies en aangestel om by die kis van die Here te werk. Hulle werk was om vir die Here, die God van Israel, te sing en dankie te sê en om Hom te prys.

5Asaf was die hoof van hierdie Leviete, en die onder-hoof was Sagaria. Jeïel, Semiramot, Jegiël, Mattitja, Eliab, Benaja, Obed-Edom en Jeïel het die harpe en liere gespeel, en Asaf het die simbale geslaan.

© Bible Society of South Africa.

6Die priesters Benaja en Jagasiël moes aanhou om trompette te blaas voor die verbondskis van God.

Die lied “Julle moet vir die Here dankie sê”

(Ook Ps 105:1-15; 96:2-13; 106:47-48)

7Daardie dag het Dawid die eerste maal vir Asaf en sy familie gesê hulle moet ’n lied sing vir die Here. Die lied se naam was: “Julle moet vir die Here dankie sê.”

8Die woorde van die lied is: “Julle moet vir die Here dankie sê, julle moet sy Naam sê, julle moet vir al die volke vertel wat Hy gedoen het.

9Julle moet sing vir Hom, julle moet musiek maak vir Hom, julle moet dink oor al sy wonderwerke.

10Julle moet Hom prys, Hy is heilig. Almal wat die Here dien, moet wys dat hulle bly is.

11Julle moet die Here kom dien, Hy is sterk, julle moet altyd naby Hom wil bly.

12Julle moet dink aan sy wonderwerke wat Hy gedoen het, julle moet dink aan sy tekens toe Hy sy vyande gestraf het.

13Julle is die nageslag van Israel, sy dienaar, die nageslag van Jakob wat Hy gekies het.

14Hy is ons God die Here, Hy oordeel al die mense.

15Hy het altyd sy verbond onthou, Hy het dit belowe vir 1 000 geslagte.

16Hy het hierdie verbond gemaak met Abraham, Hy het dit vir Isak belowe,

17Hy het vir Jakob gesê die verbond sal nie verander nie, dit is ’n verbond met die volk Israel, ’n verbond wat vir altyd sal wees.

18Die Here het gesê: ‘Ek gee vir jou die land Kanaän, dit moet altyd aan julle behoort.’

19Hulle was min mense, net ’n paar mense, en hulle was vreemdelinge in die land.

20Hulle het rondgetrek van een volk na ’n ander volk, van een land na ’n ander land.

21Die Here het gesê niemand mag sy mense verdruk nie, Hy het konings gestraf omdat hulle sy volk verdruk het.

22Hy het gesê: ‘Julle moet niks sleg doen aan die mense wat Ek gesalf het nie, julle moenie slegte dinge doen aan my profete nie.’

23Julle moet vir die Here sing, al die mense op die aarde moet dit doen. Julle moet elke dag die goeie nuus bring dat die Here mense red.

24Julle moet vir die volke vertel, vir al die volke, julle moet vertel dat die Here Koning is en dat Hy wonderwerke doen.

© Bible Society of South Africa.

25Want die Here is groot, mense moet Hom baie prys, hulle moet vir Hóm bang
wees, nie vir al die afgode nie.

26Want al die gode van die volke beteken niks, maar dit is die Here wat die hemel
gemaak het.

27Almal wat Hom dien, weet dat Hy Koning is, almal in sy woonplek is bly, hulle weet
dat Hy die sterk Koning is.

28"Julle almal, al die volke, julle moet die Here prys, julle moet Hom prys, want Hy is
Koning, Hy is sterk.

29Julle moet die Naam van die Here prys, julle moet presente bring en na Hom toe
kom, julle moet buig voor die Here, die heilige Koning.

30Al die mense op die aarde, julle moet bang wees vir Hom en bewe. Hy laat die
aarde vas staan, dit skud nie.

31Die hemel moet bly wees, die aarde moet juig, hulle moet vir die volke sê: 'Die
Here is Koning.'

32Die see en alles in die see moet raas en dreun, die veld en alles in die veld moet
juig en skree.

33Dan sal al die bome in die bos sing vir die Here, want Hy kom om te regeer oor die
aarde.

34Julle moet vir die Here dankie sê, want Hy is goed, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe
het.

35"Julle moet sê: 'O God wat ons altyd red, U moet ons red en ons bymekaarmaak en
ons vrymaak van die volke, sodat ons u heilige Naam kan sê en vir U dankie kan sê,
sodat ons dit sal geniet om U te prys.'

36Almal moet die Here, die God van Israel, prys, hulle moet Hom altyd en altyd prys.
En die hele volk moet sê: 'Amen' en hulle moet die Here prys."

37Dawid het vir Asaf en die ander Leviete daar voor die verbondskis van die Here
laat bly. Hulle moes aanhou om die werk by die kis te doen, die werk wat elke dag
nodig was.

38Obed-Edom en 68 van sy familielede moes help. Obed-Edom seun van Jedutun en
Gosa was poortwagte.

39 Die priester Sadok en die priesters van sy familie moes werk by die tent van die
Here by die offer-plek wat in die stad Gibeon was.

40Hulle moes aanhou om elke oggend en elke aand brand-offers op die altaar te
bring, hulle moes dit doen soos dit geskryf is in die wette van die Here wat Hy vir die
Israeliete gegee het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

41Saam met hulle was Heman en Jedutun en die ander Leviete, Dawid het hulle gekies en aangestel om vir die Here dankie te sê. Hulle het gesing en gesê: “Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.”

42Heman en Jedutun het trompette en simbale en ander musiek-instrumente by hulle gehad om musiek te maak wanneer hulle hierdie lied vir God gesing het. Jedutun se seuns was by die poort.

43Al die mense het toe huis toe gegaan, en Dawid het teruggegaan om sy huisgesin te groet.

1 Kronieke 17

Die Here belowe dat Dawid se koningshuis lank sal regeer

(Ook 2 Sam 7:1-17)

1Dawid het in sy paleis gewoon. Hy sê toe vir die profeet Natan: “Kyk, ék woon in ’n paleis van sederhout, maar die verbondskis van die Here is in ’n tent.”

2Natan het vir Dawid gesê: “Jy mag alles doen wat jy wil doen, want God is by jou.”

3Maar daardie nag het Natan gehoor die Here sê vir hom:

4“Jy moet vir my dienaar Dawid gaan sê dat Ek sê: Dit is nie jý wat vir My die tempel sal bou waar Ek sal woon nie.

5Ek sê dit, want Ek het nie in ’n tempel gewoon nie, vandat Ek die Israeliete hiernatoe gebring het tot nou toe. Ek het gegaan van een tent na ’n ander tent en na die tempel-tent.

6Ek het saam met die Israeliete gegaan, maar Ek het nooit gekla by een van die leiers wat Ek gekies en aangestel het om vir my volk Israel ’n herder te wees nie. Ek het nooit gevra dat julle vir My ’n tempel moet bou van sederhout nie.

7Daarom moet jy vir my dienaar Dawid sê dat Ek, die Here wat oor alles regeer, sê: Dit is Ék wat jóú weggeneem het uit die weiveld by die skape en bokke. Ek het jou daar weggeneem om koning te word oor my volk Israel,

8en Ék was by jou oral waar jy gegaan het. Ék het al jou vyande laat sterf en Ék het jou so belangrik laat word soos die belangrike konings op die aarde.

9Ék het vir my volk Israel ’n plek gegee om te woon, en hulle woon in hulle eie land. Niemand pla hulle nie, en slegte mense laat hulle nie meer swaarkry nie soos voorheen

10in die tyd toe Ek leiers gekies en aangestel het oor my volk Israel. Ek het jou laat wen teen al jou vyande. “Nou sê Ek vir jou: Ek sal vir jóú ’n koningshuis gee.

11Wanneer jou tyd verby is en jy sterf, dan sal Ek een van jou eie seuns koning laat word, en hy sal lank koning wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Hý sal vir My ’n tempel bou, en Ek sal hom baie lank laat regeer.

13Ek sal vir hom wees soos ’n pa, en hy sal vir My wees soos ’n seun. Ek sal aanhou
om vir hom te doen wat Ek belowe het. Ek het dit nie gedoen vir die man wat vóór
jou koning was nie.

14Die koning uit jou nageslag sal altyd ’n plek hê in my tempel en daar waar Ek
Koning is. Iemand van jou nageslag sal altyd koning wees.”

15Natan het vir Dawid alles gesê wat die Here vir hom gesê en gewys het.

Dawid sê dankie vir die Here

(Ook 2 Sam 7:18-29)

16Koning Dawid het ingegaan in die tempel-tent en hy het voor die verbondskis
gaan lê. Hy het gesê: “Here God, ek en my familie is nie belangrik nie. Hoekom het U
so baie vir my gedoen?

17“En, o God, U het nog meer gedoen. U het ook nog gepraat oor u dienaar
se koningshuis wat nog baie lank sal regeer. Here God, U praat met my soos met ’n
baie belangrike mens.

18Wat kan ek, Dawid, nog vir U sê, vir U wat u dienaar so belangrik laat voel? Here, U
ken u dienaar.

19U het besluit om dit vir u dienaar te doen en U het hierdie groot ding gedoen om
vir u dienaar hierdie wonderlike dinge te sê.

20Here, daar is niemand soos U nie. U alleen is God, ons weet nie van ’n ander God
nie.

21En wie is soos u volk Israel? U het net vir húlle gekies uit al die volke op die aarde
en U het hulle vrygemaak om u volk te wees. U het groot en wonderlike dinge
gedoen toe U ander volke weggejaag het sodat u volk in die land kan woon, u volk
wat U vrygemaak het uit Egipte. Daarom ken almal u Naam.

22U het u volk Israel ’n volk gemaak wat nog lank daar sal wees, want U, Here, het
hulle God geword.

23En nou, Here, U het dinge belowe oor my, u dienaar, en oor my koningshuis. U
moet nou daardie dinge waar laat word, dit moet nog lank so wees. U moet doen
wat U gesê het.

24U moet altyd dieselfde bly en belangrik wees, en die mense moet sê: ‘Die Here wat
oor alles regeer, die God van Israel, is God oor Israel.’ En die koningshuis van u
dienaar Dawid moet altyd regeer en hulle moet vir U dien.

25Want U, my God, dit is U wat vir my, u dienaar, gesê het dat U ’n koningshuis vir
my sal bou. Dit is hoekom u dienaar hierdie gebed tot U kon bid.

26En nou, Here, U alleen is God, en U het hierdie goeie ding oor u dienaar gesê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27U het nou begin om dit goed te laat gaan met u dienaar se koningshuis, sodat hulle altyd sal regeer en U sal dien. Want, Here, U het gesê dit sal goed gaan, en daarom sal dit altyd goed gaan."

1 Kronieke 18

Dawid maak oorlog

(Ook 2 Sam 8:1-14)

1Later het Dawid die Filistyne heeltemal oorwin. Hy het die stad Gat vir hom gevat en ook die dorpe daar naby wat aan die Filistyne behoort het.

2Dawid het ook die Moabiete oorwin. Die Moabiete moes vir Dawid werk en hulle moes belasting betaal vir hom.

3Dawid het na die Eufraat-rivier gegaan om sy gedenksteen weer regop te sit. Hy het vir Hadad-Eser seun van Regob oorwin. Hadad-Eser was die koning van die land Soba naby die stad Hamat.

4Dawid het 1 000 oorlogkarre, 7 000 manne op perde en 20 000 voetsoldate van Hadad-Eser gevat. Dawid het al die perde se hakskene laat sny, die perde wat die oorlogkarre getrek het. Hy het net genoeg perde laat oorbly om 100 oorlogkarre te trek.

5Die Arameërs van Damaskus het gekom om vir Hadad-Eser koning van Soba te help, maar Dawid het hulle oorwin en hy het 20 000 van hulle manne doodgemaak.

6Dawid het manne by die Arameërs van Damaskus laat bly om wag te staan. Die Arameërs moes vir Dawid werk en hulle moes belasting betaal vir hom. Die Here het vir Dawid gehelp oral waar hy gegaan het.

7Die amptenare van Hadad-Eser het goue skilde gedra. Dawid het die skilde gevat en hy het dit na Jerusalem gebring.

8Dawid het baie brons gebring uit Tibgat en Kun. Dit was twee stede van Hadad-Eser. Salomo het daardie brons gebruik en hy het die waterbak, die pilare en die brons gereedskap laat maak.

9Koning Toü van Hamat het gehoor dat Dawid vir Hadad-Eser koning van Soba oorwin het.

10Daarom het Toü sy seun Hadoram gestuur om koning Dawid te groet en om hom geluk te wens omdat hy teen Hadad-Eser oorlog gemaak het en hom oorwin het. Daar was voorheen baie maal oorlog tussen Toü en Hadad-Eser. Hadoram moes ook vir Dawid presente van goud, silwer en brons bring.

11Koning Dawid het hierdie presente ook aan die Here gewy. Dawid het voorheen ook die silwer en die goud gewy wat hy van die ander volke gevat het en na sy land

© Bible Society of South Africa.

gebring het. Hy het dit gevat van die Edomiete, die Moabiete, die Ammoniete, die Filistyne en die Amalekiete.

12 Abisai seun van Seruja het 18 000 Edomiete in die Sout-vallei oorwin.

13 Hy het manne by die Edomiete laat bly om wag te staan, en al die Edomiete moes vir Dawid werk. Die Here het vir Dawid gehelp oral waar hy gegaan het.

Dawid se amptenare

(Ook 2 Sam 8:15-18)

14 Dawid was koning oor al die Israeliete. Hy het reg en goed gedoen aan al sy mense.

15 Joab seun van Seruja was die hoof van die leër, Josafat seun van Agilud was die hoof van al die amptenare,

16 Sadok seun van Agitub en Abimelek seun van Abjatar was die priesters en Sausa was die sekretaris.

17 Benaja seun van Jojada was die hoof van die soldate wat die koning moes oppas. Die ouer seuns van Dawid het die koning gehelp.

1 Kronieke 19

Oorlog teen die Ammoniete en die Arameërs

(Ook 2 Sam 10:1-11; 12:26-31)

1 Koning Nagas van die Ammoniete het gesterf, en sy seun Ganun het koning geword ná hom.

2 Dawid het gedink: Nagas was ’n vriend van my, ek wil ook ’n vriend wees van sy seun Ganun. Dawid het toe amptenare gestuur om vir Ganun te sê dat hy saam met hom hartseer voel omdat sy pa dood is. Maar toe die amptenare van Dawid in die land van die Ammoniete by Ganun kom om vir hom te sê dat Dawid saam met hom hartseer voel,

3 het die leiers van die Ammoniete vir Ganun gesê: “Wat dink jy, hoekom het hierdie amptenare na ons toe gekom? Dink jy Dawid het jou pa gerespekteer en daarom het hy mense na jou toe gestuur om vir jou te sê dat hy hartseer voel saam met jou? Nee, ons dink sy amptenare het gekom net om oral in die land te kyk en om planne te maak hoe hulle die stad kan aanval en verwoes.”

4 Toe neem Ganun die amptenare van Dawid en hy laat hulle baarde afskeer. Hy het ook hulle klere laat afsny by hulle heupe, en toe het hy hulle laat gaan.

5 Die manne het gegaan, maar hulle het baie verneder gevoel. Toe Dawid hoor wat met die manne gebeur het, het hy mense gestuur om hulle te ontmoet en vir hulle te sê dat hulle in Jerigo moet bly totdat hulle baarde weer gegroei het, daarna kan hulle terugkom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Die Ammoniete het besef dat Dawid kwaad is vir hulle. Ganun en die Ammoniete het 1 000 talente silwer gestuur om manne op oorlogkarre en perde te huur om vir hulle te kom help, manne van die Arameërs van Mesopotamië, en die Arameërs van die stede Maäka en Soba.

7Die Ammoniete het 32 000 oorlogkarre gehuur, en hulle het ook die koning van Maäka en sy manne betaal om vir hulle te kom help. Die koning van Maäka en sy manne het gekom en hulle het hulle tente opgeslaan naby die stad Medeba, en die Ammoniete het uit hulle stede bymekaargekom om oorlog te maak.

8Toe Dawid dit hoor, het hy vir Joab en al sy manne gestuur, manne wat goed oorlog kon maak.

9Die Ammoniete het uitgekom en hulle het gereedgestaan voor die poort van hulle stad. Die konings wat vir hulle kom help het, het op ’n ander plek in die veld gestaan.

10Joab het gesien hy sal op twee plekke oorlog moet maak. Hy het van die beste manne van Israel gekies en hy het hulle laat gereedstaan om teen die Arameërs te veg.

11Hy het die ander manne vir sy broer Abisai gegee en hy het hulle laat gereedstaan om teen die Ammoniete te veg.

12Joab het vir Abisai gesê: “As die Arameërs my wen, dan moet jy my kom help, en as die Ammoniete jou wen, dan sal ek jou kom help.

13Jy moet dapper wees, en ons sal ook dapper wees en goed veg vir ons volk en vir die stede van ons God. Die Here sal laat gebeur wat Hy wil hê.”

14Joab en sy manne het toe begin om oorlog te maak teen die Arameërs, en die Arameërs het gevlug vir hom.

15Toe die Ammoniete sien dat die Arameërs vlug, het hulle ook weggevlug van Abisai en hulle het ingegaan in hulle eie stad. Joab het toe teruggegaan na Jerusalem.

16Die Arameërs het besef dat die Israeliete hulle oorwin het. Hulle het boodskappers gestuur en hulle het die Arameërs laat kom wat anderkant die Eufraat-rivier gewoon het. Sofak, die hoof van die leër van Hadad-Eser, het hulle gelei.

17Dawid het dit gehoor, en hy het al die Israeliete laat bymekaarkom. Hy het oor die Jordaan-rivier gegaan en toe hy by die Arameërs kom, het hy gereedgemaak vir die oorlog. Toe hy dit doen, het die Arameërs teen hom oorlog begin maak.

18Maar die Arameërs het weggevlug van Dawid. Dawid het die manne wat op 7 000 oorlogkarre was en 40 000 voetsoldate doodgemaak. Hulle het vir Sofak, die hoof van die leër, ook doodgemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Hadad-Eser het regeer oor ’n paar konings, en toe hulle sien dat die Israeliete hulle gewen het in die oorlog, het hulle vrede gemaak met Dawid. Dawid het van toe af oor die Arameërs regeer. Die Arameërs wou nie weer die Ammoniete help nie.

1 Kronieke 20

1Dit was in die lente-tyd, die tyd wanneer konings gaan oorlog maak het. Joab het die leër gelei en hy het die land van die Ammoniete verwoes. Toe het hy die stad Rabba van al die kante aangeval. Dawid het in Jerusalem gebly. Joab het die stad oorwin en hy het dit verwoes.

2Dawid het die kroon afgehaal van hulle koning se kop. Die kroon was gemaak van een talent goud en daar was ’n mooi edelsteen op die kroon. Dawid het die kroon op sy eie kop gesit. Hy het baie goed uit die stad gevat.

3Hy het ook die manne van die stad Rabba saamgeneem en hy het hulle laat werk, elkeen met ’n saag, ’n pik en ’n byl. Hy het dieselfde gedoen met die manne in al die Ammoniete se stede. Toe het hy en al sy manne teruggegaan na Jerusalem.

Dawid se manne maak Rafa-mense dood

(Kyk ook 2 Sam 21:15-22)

4Later was daar weer oorlog teen die Filistyne by die stad Geser. Sibbekai van die stad Gusa het daar vir Sippai oorwin. Sippai was van die nageslag van die Rafa-mense.

5Toe die Israeliete later weer teen die Filistyne oorlog gemaak het, het Elganan seun van Jaïr vir Lagmi oorwin. Lagmi was ’n broer van Goliat. Goliat het van die stad Gat gekom, en die steel van Lagmi se spies was so dik en so lank soos die balk van ’n weefstoel.

6Eendag was daar oorlog in die stad Gat. Daar was ’n lang man, hy het ses vingers aan elke hand gehad en ses tone aan elke voet, saam was dit 24 vingers en tone. Hy was ook van die nageslag van die Rafa-mense.

7Hy het die Israeliete gespot, maar toe het Jonatan seun van Sima broer van Dawid hom oorwin.

8Dit is die mense van die nageslag van Rafa wat in die stad Gat gebore is. Dawid en sy manne het hulle doodgemaak.

1 Kronieke 21

Dawid laat die volk tel, en die Here straf die volk

(Ook 2 Sam 24:1-16)

1Die Satan was teen die Israeliete. Hy het vir Dawid laat besluit om die Israeliete te laat tel.

© Bible Society of South Africa.

2Dawid het vir Joab en die leiers van die volk gesê: “Julle moet al die Israeliete gaan
tel, van die stad Berseba tot by die stad Dan, en julle moet vir my kom sê hoeveel
mense hulle is, ek wil dit weet.”

3Joab het gesê: “Ek wens die Here maak sy volk 100 maal meer as wat hulle is. Maar,
Meneer die koning, hulle behoort almal aan jou, hoekom wil jy hierdie ding doen?
Die Here sal die Israeliete straf as jy dit doen.”

4Maar die koning het gesê Joab móét dit doen, en Joab moes doen wat die koning
gesê het. Joab het deur die hele land Israel gegaan en hy het toe teruggekom in
Jerusalem.

5Hy het vir Dawid gesê hoeveel mense hy getel het. Die manne van Israel wat oorlog
kon maak, was almal saam 1 100 000, en die manne van Juda wat oorlog kon maak,
was 470 000.

6Joab het nie die manne van die Levi-stam en die Benjamin-stam saam met die
ander manne getel nie, want hy het dit gehaat om te doen wat die koning gesê het.

7Die Here het ook nie gehou van wat Dawid gedoen het nie en Hy het die Israeliete
gestraf.

8Toe het Dawid vir God gesê: “Ek het ’n groot sonde gedoen toe ek hierdie ding laat
doen het. Nou moet U asseblief u dienaar se sonde vergewe, want ek het ’n baie
dom ding gedoen.”

9Gad was Dawid se siener. Die Here het vir Gad gesê:

10“Jy moet vir Dawid gaan sê Ek sê: Dawid, Ek noem drie dinge vir jou. Jy moet een
kies, dan sal Ek dit met jou laat gebeur.”

11Gad het na Dawid toe gegaan en hy het vir Dawid gesê: “Die Here sê jy moet sê
wat moet gebeur:

12Wil jy hê daar moet drie jaar lank hongersnood wees, of wil jy drie maande lank
vlug vir jou vyande? Hulle sal so naby jou kom dat hulle jou en jou mense kan
doodmaak. Of moet die Here self jou mense in die land drie dae lank laat sterf
van pes? Moet die Engel van die Here mense in die hele land Israel doodmaak? Jy
moet besluit en sê wat ek moet sê vir Hom wat my gestuur het.”

13Dawid het vir Gad gesê: “Ek het ’n groot probleem. Die Here moet met my doen
wat Hy besluit, want Hy is baie genadig. Maar Hy moenie my vir mense gee sodat
hulle met my kan doen wat hulle wil nie.”

14Die Here het pes laat kom in die land Israel, en daar het 70 000 Israeliete gesterf.

15God het ’n engel na Jerusalem gestuur om die mense in die stad dood te maak,
maar toe die engel dit begin doen, het die Here dit gesien en Hy het besluit dat die
straf moet ophou. Hy het vir die engel wat die mense laat sterf het, gesê: “Stop, dit is

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

nou genoeg, laat sak jou hand." Die Engel van die Here het bly staan by die dorsvloer van die Jebusiet Ornan.

Dawid koop die dorsvloer van Ornan

(Kyk ook 2 Sam 24:18-25)

16Toe Dawid opkyk, sien hy die Engel van die Here tussen die hemel en die aarde staan. Die Engel het 'n swaard in sy hand gehad en hy het dit oor Jerusalem gehou. Dawid en die leiers van Israel het rouklere aangehad en hulle het laag gebuig met hulle gesigte teen die grond.

17Toe sê Dawid vir God: "Dit is ék wat gesê het hulle moet die volk tel, dit is ék wat sonde gedoen het. Dit is ék wat die verkeerde ding gedoen het. Wat het hierdie mense verkeerd gedoen? Niks. U moet vir mý en my familie straf, U moenie u volk straf nie."

18Die Engel van die Here het vir Gad gesê hy moet vir Dawid sê hy moet opgaan en hy moet 'n altaar bou op die dorsvloer van die Jebusiet Ornan.

19Dawid het gegaan om te doen wat die Here vir Gad gesê het om vir hom te sê.

20Ornan was besig om koringkorrels uit die koring-are te haal. Toe hy omdraai, het hy die Engel gesien. Sy vier seuns wat by hom was, het weggekruip.

21Dawid het na Ornan toe gegaan. En toe Ornan kyk en vir Dawid sien, het hy uit die dorsvloer gekom. Hy het voor Dawid gebuig met sy gesig teen die grond.

22Dawid sê toe vir Ornan: "Jy moet die plek waar die dorsvloer is, aan my verkoop. Ek wil daar 'n altaar vir die Here bou. Ek sal vir jou alles betaal wat jy daarvoor wil hê. Wanneer ek die altaar gebou het, dan sal die pes ophou."

23Ornan het vir Dawid gesê: "Meneer die koning, neem dit vir jou en doen daarmee wat jy besluit. Kyk, ek gee die beeste vir 'n brand-offer en ek gee ook die dors-sleë vir brandhout en die koring vir 'n koring-offer. Ek gee dit alles."

24Maar koning Dawid het vir Ornan gesê: "Nee, ek wil dit van jou koop, jy moet sê hoeveel ek moet betaal. Ek wil dit doen, want ek kan nie iets vir die Here neem as dit aan jou behoort nie. Ek kan nie 'n brand-offer bring as ek nie daarvoor betaal het nie."

25Dawid het toe vir Ornan 600 sikkels goud betaal vir die plek.

26Dawid het daar 'n altaar vir die Here gebou en hy het brand-offers en ete-offers gebring. Hy het tot die Here gebid, en die Here het hom geantwoord. Die Here het uit die hemel vuur gestuur op die brandoffer-altaar.

27Die Here het met die engel gepraat, en die engel het sy swaard teruggesit in sy leersak.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Toe Dawid sien dat die Here hom geantwoord het by die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet, het Dawid daar ge-offer.

29Die tempel-tent van die Here wat Moses in die woestyn laat maak het en die brandoffer-altaar was in daardie tyd nog op die offer-plek by die stad Gibeon.

30Maar Dawid kon nie daar by die tempel-tent gaan vra wat God wil hê hy moet doen nie, want hy was bang vir die Engel van die Here en vir sy swaard.

1 Kronieke 22

1Dawid het gesê: “Die tempel van God die Here moet hier wees en die brandoffer-altaar van Israel moet hier wees.”

Dawid maak gereed om die tempel te bou

2Daarna het Dawid gesê die vreemdelinge wat in die land is, moet bymekaarkom, en hy het party van hulle gekies en aangestel om klippe reg te kap om die tempel te bou.

3Dawid het baie yster laat gereedmaak vir penne en skarniere vir die deure en die poorte. Die koper was so baie dat hulle dit nie kon weeg nie.

4Daar was ook baie sederhout, dit was te veel om te tel, want die mense van die stede Sidon en Tirus het baie sederhout vir Dawid gebring.

5Dawid het gesê: “My seun Salomo is jonk en swak. Die tempel wat hy moet laat bou, moet baie groot wees. Mense van al die lande moet praat oor hoe mooi hierdie tempel is. Daarom wil ek alles gereedmaak vir hom.” Dawid het toe baie dinge gereedgemaak voordat hy gesterf het.

6Hy het sy seun Salomo geroep en vir hom gesê hoe hy die tempel van die Here, die God van Israel, moet bou.

7Dawid het vir sy seun Salomo gesê: “Ek wou ’n tempel bou vir my God die Here,

8maar Hy het vir my gesê: ‘Dawid, jy het baie mense doodgemaak en jy het baie oorlog gemaak. Jy mag nie ’n tempel bou vir My nie, want Ek het gesien hoe baie mense jy doodgemaak het op die aarde.

9Kyk, jy sal ’n seun kry, en hy sal lief wees vir vrede. Ek sal hom laat rus, vyande sal nie oorlog maak teen hom nie. Ja, sy naam sal Salomo wees, en in die tyd wanneer hy koning is, sal Ek dit goed laat gaan in die land Israel, alles sal stil wees.

10Dit is hý wat die tempel sal bou waar Ek kan woon. Hý sal vir my ’n seun wees en Ek sal vir hom ’n vader wees. Ek sal hom baie lank oor Israel laat regeer.’

11Daarom, my seun, ek bid dat die Here by jou sal wees en dat dit goed sal gaan met jou, sodat jy die tempel van jou God die Here sal bou, Hy het gesê jý sal dit bou.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Ek bid dat die Here jou sal help om dinge te ken en te verstaan, en dat Hy vir jou sal sê hoe jy oor Israel moet regeer. Ek bid dat jy sal doen wat die wette van jou God die Here sê.

13Dit sal goed gaan met jou as jy kyk dat die Israeliete doen wat die Here gesê het en as hulle doen wat Hy besluit het. Die Here het dit alles vir Moses gesê. My seun, jy moet sterk en dapper wees, jy moenie bang wees nie, jy moenie skrik nie.

14Kyk, ek het hard gewerk. Ek het 100 000 talente goud en een miljoen talente silwer bymekaargemaak vir die tempel, en ook so baie brons en yster dat 'n mens dit nie kan weeg nie. Ek het ook hout en klip bymekaargemaak, en jy kan nog meer daarby sit.

15Daar is ook baie werkers wat jy kan gebruik: mense wat klippe kan regkap, ambagsmanne wat met klip en hout kan werk, en mense wat vaardig is om enige werk te doen.

16Daar is so baie goud en silwer en brons en yster dat 'n mens dit nie kan tel nie. Jy moet nou begin en jy moet die werk laat doen. Ek bid dat die Here by jou sal wees."

17Dawid het vir al die amptenare van Israel gesê hulle moet sy seun Salomo help.

18Dawid het gesê: "Julle God die Here was by julle, Hy het julle laat wen teen al julle vyande. Hy het my laat wen teen die mense wat in die land gewoon het. Die Here en sy volk kon oor almal in die land regeer.

19Nou moet julle hard probeer om te doen wat julle God die Here wil hê, julle moet begin om die tempel van God die Here te bou sodat julle die verbondskis van die Here en die gewyde gereedskap van God kan inbring in die tempel wat julle bou waar die Here kan woon."

1 Kronieke 23

Die werk van die Leviete

1Dawid het oud geword, en toe sy lewe amper verby was, het hy sy seun Salomo koning gemaak oor Israel.

2Hy het al die amptenare van Israel, en die priesters en Leviete laat bymekaarkom.

3Hulle het die Leviete getel, die mans wat 30 jaar en ouer was. Daar was 38 000 Leviete.

4Van daardie Leviete moes 24 000 die werk in die tempel doen, en 6 000 moes voormanne en regters wees.

5Daar was 4 000 poortwagte, en 4 000 Leviete moes die Here prys met die musiek-instrumente wat hulle daarvoor gemaak het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6Dawid het die Levi-familie in drie groepe verdeel en laat werk. Hulle was die Gerson-familie, die Kehat-familie en die Merari-familie.

7Ladan en Simi was van die Gerson-familie.

8Ladan het drie seuns gehad, hulle was Jegiël, Setam en Joël. Jegiël was hulle hoof.

9Simi se drie seuns was Selomit, Gasiël en Haran.

10Simi het later nog vier seuns gehad, hulle was Jagat, Sina, Jeüs en Beria.

11Jagat was hulle hoof, en Sisa was die onder-hoof. Jeüs en Beria het nie baie seuns gehad nie, en hulle was saam een familie-groep.

12Kehat het vier seuns gehad, hulle was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël.

13Amram se seuns was Aäron en Moses. Aäron moes werk met die hoog-gewyde dinge en hy moes sorg dat dit altyd gewyd is, hy en sy nageslag, vir altyd. Hulle moes altyd wierook-offers vir die Here bring, hulle moes vir Hom werk en vir die volk sê dat die Here hulle sal seën.

14Moses was die man van God. Moses en sy nageslag was van die Levi-stam.

15Moses se seuns was Gersom en Eliëser.

16 Sebuel was die hoof van die Gersom-familie.

17Regabja was die hoof van die Eliëser-familie. Eliëser het nie ander seuns gehad nie, maar Regabja het baie seuns gehad.

18Selomit was die hoof van die Jishar-familie.

19Jerija was die hoof van die Hebron-familie. Amarja was die tweede seun, Jagasiël was die derde en Jekamam was die vierde seun.

20Miga was die hoof van die Ussiël-familie en Jissija was die onder-hoof.

21Merari se seuns was Magli en Musi. Magli se seuns was Eleasar en Kis.

22Toe Eleasar gesterf het, het hy nie seuns gehad nie, hy het net dogters gehad. Die dogters het getrou met mans van die Kis-familie, die mans was hulle eie familie.

23Musi het drie seuns gehad, hulle name was Magli, Eder en Jeremot.

24Dit was die Levi-families, die familiehoofde en hulle groepe. Elkeen se naam is in 'n naamlys geskryf. Die Leviete wat 20 jaar en ouer was, moes die werk in die tempel doen.

25Hulle moes dit doen omdat Dawid gesê het: "Die Here, die God van Israel, het sy volk laat rus en Hy wil altyd in Jerusalem woon.

© Bible Society of South Africa.

26Daarom moet die Leviete nie meer die tempel-tent en al die gereedskap vir die werk daarin dra nie.”

27Dit was al die Leviete wat 20 jaar en ouer was. Dawid het ’n kort tydjie voordat hy gesterf het, gesê hulle moet hierdie werk doen:

28Hulle moes die priesters help wanneer die priesters in die tempel werk of op die oop stukke grond of in die kamers, en wanneer die priesters al die gewyde dinge reinig en die werk in die tempel doen.

29Die Leviete moes ook help om die offer-brood en die meel vir die koring-offer gereed te maak. Hulle moes die ongesuurde brood bak, die bakplaat skoonmaak, die deeg meng en kyk dat die mense reg weeg en meet.

30Die Leviete moes elke oggend gereed wees om vir die Here dankie te sê en Hom te prys. Hulle moes dit ook elke aand doen.

31Hulle moes help wanneer die priesters vir die Here brand-offers bring op Sabbatdae, op Nuwemaan-feeste en op ander feeste. Daar moes altyd genoeg Leviete wees om te help werk by die tempel.

32So moes die Leviete help werk by die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het, by die gewyde plek. Dit was die werk wat hulle familie, die nageslag van Aäron, by die tempel moes doen.

1 Kronieke 24

Die priester-families

1Die nageslag van Aäron moes vier familie-groepe gewees het, want Aäron se vier seuns was Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar.

2Maar Nadab en Abihu het gesterf toe hulle pa nog gelewe het en hulle het nie seuns gehad nie. Daarom was net Eleasar en Itamar die hoofde van priester-families.

3Sadok van die Eleasar-familie en Agimelek van die Itamar-familie het vir Dawid gehelp om die priesters in groepe te verdeel om hulle werk te doen.

4Toe hulle sien dat daar in die Eleasar-familie meer mans is wat hoofde kan wees as in die Itamar-familie, het hulle die Eleasar-familie verdeel in 16 groepe en die Itamar-familie in ag groepe. Elke groep het ’n familiehoof gehad.

5Hulle het lootjies getrek om die families te verdeel sodat daar priesterleiers van altwee families kon wees wat vir God in die tempel werk.

6Die sekretaris was Semaja seun van Netanel. Hy was ’n Leviet en hy het die priesters se name opgeskryf. Hy het elke maal twee familiehoofde vir Eleasar opgeskryf en een familiehoof vir Itamar. Die koning was ook daar, en ook

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die amptenare, die priester Sadok, Agimelek seun van Abjatar, en die familiehoofde van die priesters en die Leviete.

7Toe hulle lootjies getrek het, was Jojarib eerste, Jedaja was tweede,

8Garim derde, Seorim vierde,

9Malkija vyfde, Mijamin sesde,

10Kos sewende, Abia agste,

11Jesua negende, Sekanja tiende,

12Eljasib elfde, Jakim twaalfde,

13Guppa dertiende, Jesebab veertiende,

14Bilga vyftiende, Immer sestiende,

15Gesir sewentiende, Pisses agtiende,

16Petagja negentiende, Esegiël twintigste,

17Jakin een-en-twintigste, Gamul twee-en-twintigste,

18Delaja drie-en-twintigste en Maäsja was vier-en-twintigste.

19Dit was die groepe wat by die tempel moes kom werk. Hulle voorvader Aäron het gesê hoe hulle dit moet doen. Die Here, die God van Israel, het gesê Aäron moet dit doen.

Die familiehoofde van die ander Leviete

20Die familiehoofde van die ander Leviete was: Subael van die Amram-familie, Jegdeja van die Subael-familie,

21Jissija van die Regabja-familie,

22Selomit van die Jishar-familie, Jagat van die Selomit-familie,

23en Jerija, Amarja, Jagasiël en Jekamam. Hulle vier was van die Hebron-familie.

24Miga van die Ussiël-familie en Samir van die Miga-familie was ook familiehoofde,

25ook Jissija broer van Miga, en Sagaria van die Jissija-familie.

26Magli en Musi was seuns van Merari. ’n Seun van Merari, Jaäsija,

27was die hoof van die Merari-familie. Soham, Sakkur en Ibri was hoofde van die Jaäsija-familie.

28Eleasar was die hoof van die Magli-familie, maar hy self het nie seuns gehad nie.

29Jeragmeël was die hoof van die Kis-familie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Magli, Eder en Jerimot was die hoofde van die Musi-familie. Dit was die Levi-families.

31Hulle het ook lootjies getrek soos die ander Leviete, die nageslag van Aäron. Koning Dawid, Sadok, Agimelek, en die familiehoofde van die priesters en die Leviete was ook daar. Hulle het lootjies getrek vir al die families, vir die grootmense en vir die kinders.

1 Kronieke 25

Die mense wat in die tempel moes sing

1Dawid en die hoofde van die leër het besluit wat die manne van die families van Asaf, Heman en Jedutun moes doen. Hulle moes sing terwyl die mense die liere en die harpe en die simbale speel. Hier is die name van die manne wat hierdie werk moes doen.

2Van die Asaf-familie was daar Sakkur, Josef, Netanja en Asarela. Hulle was seuns van Asaf, en Asaf was hulle leier. Asaf moes sing wanneer die koning dit wou hê.

3Van die Jedutun-familie was daar die ses seuns van Jedutun, Gedalja, Seri, Jesaja, Gasabja en Mattitja. Hulle pa was die leier. Terwyl die lier speel, het Jedutun gesing om vir die Here dankie te sê en om Hom te prys.

4Van die Heman-familie was daar Heman se seuns Bukkija, Mattanja, Ussiël, Sebuel, Jerimot, Gananja, Ganani, Eliata, Giddalti, Romamti-Eser, Josbekasa, Malloti, Hotir en Magasiot.

5Hulle was almal seuns van Heman, die siener van die koning. God het vir Heman belowe om hom ’n belangrike man te maak, daarom het God vir Heman 14 seuns en drie dogters gegee.

6Hulle pa was hulle leier wanneer hulle in die tempel musiek moes maak met simbale, harpe en liere. Hulle moes dit doen wanneer die priesters in die tempel gewerk het. Asaf, Jedutun en Heman het vir die koning gewerk.

7Daar was 288 mense wat musiek vir die Here kon maak saam met die ander Leviete wat geleer het om te sing.

8Hulle het lootjies getrek om te kyk wie moet werk en wanneer hulle moet werk. Hulle het dit gedoen vir almal, vir oumense en vir jongmense, vir die mense wat geweet het hoe om te sing en vir die mense wat nog geleer het hoe om dit te doen.

9-31Toe hulle lootjies getrek het vir die Asaf-familie, was Josef eerste, Gedalja was tweede, Sakkur derde, Jisri vierde, Netanja vyfde, Bukkija sesde, Jesarela sewende, Jesaja agste, Mattanja negende, Simi tiende, Asarel elfde, Gasabja twaalfde, Subael dertiende, Mattitja veertiende, Jeremot vyftiende, Gananja sestiende, Josbekasa sewentiende, Ganani agtiende, Malloti negentiende, Eliata twintigste, Hotir een-en-

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

twintigste, Giddalti twee-en-twintigste, Magasiot drie-en-twintigste en Romamti-Eser vier-en-twintigste. Daar was twaalf mans in elke groep, dit was die leier, sy seuns en die ander Leviete.

1 Kronieke 26

Die poortwagte

1Daar was ook groepe poortwagte. Van die Korag-familie was daar Meselemja seun van Kore, hy was een van die seuns van Asaf.

2-3Meselemja het sewe seuns gehad, hulle was Sagaria, Jediael, Sebadja, Jatniël, Elam, Joganan en Eljehoënai.

4-5Obed-Edom het ag seuns gehad, want God het hom geseën. Die seuns was Semaja, Josabad, Joag, Sakar, Netanel, Ammiël, Issaskar en Peülletai.

6Obed-Edom se seun Semaja het seuns gehad wat leiers was in hulle families, want hulle was belangrike mense.

7Die seuns van Semaja was Otni, Refael, Obed en Elsabad. Hulle broers was Elihu en Semakja, en hulle was twee manne wat goed kon werk.

8Al hierdie manne was van die Obed-Edom-familie. Hulle en hulle seuns en hulle ander familie was manne wat goed kon werk. Daar was 62 manne van die Obed-Edom-familie.

9Meselemja se seuns en sy ander familie was ook manne wat goed kon werk, hulle was 18 manne.

10Gosa, van die Merari-familie, het vier seuns gehad. Simri was die familiehoof. Hy was nie die oudste seun nie, maar sy pa het hom gekies en aangestel om die familiehoof te wees.

11Die ander seuns was Gilkija, Tebalja en Sagaria. Daar was 13 seuns en ander familie van Gosa.

12Hierdie groepe poortwagte was almal saam met ’n man wat ’n familiehoof was, en hulle het gewerk saam met die ander Leviete wat in die tempel gewerk het.

13’n Familie-groep het by elke poort waggestaan. Hulle het vir almal van elke familie lootjies getrek, vir die groot families en vir die klein families.

14Selemja het die lootjie getrek om by die oos-poort wag te staan, en sy seun Sagaria om by die noord-poort wag te staan. Sagaria was ’n verstandige raadgewer.

15Obed-Edom het die lootjie getrek om by die suid-poort wag te staan, sy seuns om by die stoorkamers wag te staan,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16en Suppim en Gosa om wag te staan by die wes-poort en by die Salleket-poort na die boonste pad. Die familie-groepe het wagbeurte gekry.

17By die oos-poort het elke dag ses Leviete waggestaan, by die noord-poort was daar vier wagte, en by die stoorkamers was daar altyd twee wagte.

18By die oop stuk grond wes van die tempel het vier Leviete waggestaan by die pad, en twee het waggestaan by die oop stuk grond.

19Dit was die groepe poortwagte van die Korag-familie en die Merari-familie.

Die Leviete wat die stoorkamers moes oppas

20Die ander Leviete van hierdie families wat die stoorkamers van die tempel en die gewyde presente moes oppas, was

21-22Jegiël en sy seuns Setam en Joël. Jegiël was die seun van Ladan en hulle was van die Gerson-familie. Hulle moes wagstaan by die stoorkamers.

23-24Van die families Amram, Jishar, Hebron en Ussiël was daar hierdie leiers: Subael seun van Gersom seun van Moses was die hoof oor die stoorkamers.

25Subael se familie, die nageslag van Eliëser, was Selomot seun van Sikri seun van Joram seun van Jesaja seun van Regabja.

26Selomot en sy familie moes die gewyde presente oppas wat koning Dawid en die familiehoofde gewy het saam met die leiers van 1 000 manne en die leiers van 100 manne en die hoofde van die leër.

27Hulle het van die goed gegee wat hulle in oorloë gevat het van die vyande, hulle het dit gewy om in die tempel te gebruik.

28Selomot en sy broers moes alles oppas wat die siener Samuel en Saul seun van Kis gewy het saam met Abner seun van Ner en Joab seun van Seruja.

Leviete wat amptenare was

29Kenanja en sy seuns van die Jishar-familie het nie in die tempel gewerk nie, hulle moes voormanne en regters wees.

30Gasabja en sy broers was leiers van die Hebron-familie. Hulle was 1 700 mense, en hulle moes kyk dat die Israeliete wes van die Jordaan-rivier alles reg doen, al die werk vir die Here en vir die koning.

31Jerija was die hoof van die Hebron-familie. Veertig jaar nadat Dawid koning geword het, het hy gesê sy manne moet alles uitvind oor die geslagte en families. Daar was toe baie leiers by die stad Jaser in die land Gilead.

32Daar was 2 700 leiers wat familie was van Jerija. Hulle was familiehoofde, en Dawid het hulle gekies en aangestel om te kyk dat die stamme Ruben en Gad en die helfte van die Manasse-stam al die werk reg doen vir God en vir die koning.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

1 Kronieke 27

Die hoofde van die groepe in Dawid se leër

1 Hier is ’n lys van die familiehoofde van Israel, die leiers van 1 000 manne en die
leiers van 100 manne, en hulle offisiere. Hulle het almal vir die koning gewerk. Elke
maand van die jaar het ’n groep soldate gekom en elke maand het ’n groep
teruggegaan huis toe. Daar was 24 000 manne in elke groep.

2 Jasobam seun van Sabdiël was die hoof van die eerste groep vir die eerste maand.
Daar was 24 000 manne in sy groep.

3 Hy was van die Peres-familie en hy was die hoof van al die offisiere vir die eerste
maand.

4 Dodai van die stad Agoag was die hoof van die groep vir die tweede maand. Miklot
was die hoof-offisier van sy groep, hulle was 24 000 manne.

5 Die hoof vir die derde maand was Benaja, seun van die priester Jojada. Daar was 24
000 manne in sy groep.

6 Benaja was een van die 30 spesiale manne van die koning en hy was die leier van
die 30 manne. Sy seun Ammisabad was die hoof-offisier van sy groep.

7 Die hoof vir die vierde maand was Asael broer van Joab, en ná hom was sy seun
Sebadja die hoof. Daar was 24 000 manne in sy groep.

8 Die hoof vir die vyfde maand was Samhut van die Serag-familie. Daar was 24 000
manne in sy groep.

9 Die hoof vir die sesde maand was Ira seun van Ikkes van die stad Tekoa. Daar was 24
000 manne in sy groep.

10 Die hoof vir die sewende maand was Geles van die Efraim-stam. Daar was 24 000
manne in sy groep.

11 Die hoof vir die agste maand was Sibbekai van die stad Gusa. Sibbekai was van die
Serag-familie. Daar was 24 000 manne in sy groep.

12 Die hoof vir die negende maand was Abiëser van die stad Anatot. Abiëser was van
die Benjamin-stam. Daar was 24 000 manne in sy groep.

13 Die hoof vir die tiende maand was Magrai van die stad Netofa. Magrai was van die
Serag-familie. Daar was 24 000 manne in sy groep.

14 Die hoof vir die elfde maand was Benaja van die stad Piraton. Benaja was van die
Efraim-stam. Daar was 24 000 manne in sy groep.

15 Die hoof vir die twaalfde maand was Geldai van die stad Netofa. Geldai was van die
Otniël-familie. Daar was 24 000 manne in sy groep.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die stamhoofde

16Hier is die name van die hoofde van die stamme van die Israeliete. Die hoof van die Ruben-stam was Eliëser seun van Sikri. Die hoof van die Simeon-stam was Sefatja seun van Maäka.

17Die hoof van die Levi-stam was Gasabja seun van Kemuel. Die hoof van die Äaron-familie was Sadok.

18Die hoof van die Juda-stam was Elihu, 'n broer van Dawid. Die hoof van die Issaskar-stam was Omri seun van Mikael.

19Die hoof van die Sebulon-stam was Jismaja seun van Obadja. Die hoof van die Naftali-stam was Jerimot seun van Asriël.

20Die hoof van die Efraim-stam was Hosea seun van Asasja. Die hoof van die helfte van die Manasse-stam wes van die Jordaan-rivier was Joël seun van Pedaja.

21Die hoof van die ander helfte van die Manasse-stam in die land Gilead was Jiddo seun van Sagaria. Die hoof van die Benjamin-stam was Jaäsiël seun van Abner.

22Die hoof van die Dan-stam was Asarel seun van Jerogam. Dit was die hoofde van die stamme van Israel.

23Dawid het nie die manne wat jonger as 20 jaar was, laat tel nie, want die Here het belowe dat Hy die Israeliete so baie sal maak soos die sterre in die lug.

24Joab seun van Seruja het begin om hulle te tel, maar hy kon hulle nie klaar tel nie, want die Here het kwaad geword vir die Israeliete omdat Joab hulle getel het. Daarom is daar nie in koning Dawid se dagboek opgeskryf hoeveel manne daar was wat jonger as 20 jaar was nie.

Die hoofde van die mense wat Dawid se goed moes oppas

25Asmawet seun van Adiël was die hoof oor die koning se stoorkamers in Jerusalem. Joganan seun van Ussia was die hoof oor die stoorkamers buite Jerusalem, in die stede en die dorpe en die plekke wat hoë en sterk mure gehad het.

26Esri seun van Kelub was die hoof oor die mense wat buite Jerusalem in die grond gewerk het.

27Simeï van die stad Rama was die hoof oor die wingerde. Sabdi van die stad Sefam was die hoof oor die stoorkamers in die wingerde waar hulle die wyn gebêre het.

28Baäl-Ganan van die stad Gedera was die hoof oor die olyfbome en die wildevyebome wat in die Laeveld was. Joas was die hoof oor die stoorkamers waar hulle die olyf-olie gebêre het.

29Sitrai van die land Saron was die hoof oor die beeste wat in Saron gewei het. Safat seun van Adlai was die hoof oor die beeste in die valleie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Obil van die Ismael-familie was die hoof oor die kamele. Jegdeja van die stad Meronot was die hoof oor die donkies.

31Jasis van die Hagar-familie was die hoof oor die skape en bokke. Dit is al die manne wat hoofde was oor die goed van koning Dawid.

Dawid se raadgewers

32Dawid se oom Jonatan was ’n raadgewer. Hy was ’n verstandige man en hy kon skryf. Jegiël seun van Gakmoni het die koning se kinders grootgemaak.

33Agitofel was die koning se raadgewer en Gusai van die stad Erek was die koning se vriend.

34Ná Agitofel het Jojada seun van Benaja, en Abjatar raadgewers geword. Joab was die hoof van die koning se leër.

1 Kronieke 28

Dawid sê Salomo moet die tempel bou

1Dawid het al die leiers bymekaargeroep in Jerusalem. Dit was al die leiers van Israel, die stamhoofde, die hoofde van die groepe wat vir die koning gewerk het, die leiers van 1 000 manne en die leiers van 100 manne, die hoofde oor al die goed van die koning en die hoofde oor die koning en sy seuns se skape en bokke. Hy het hulle almal bymekaargeroep saam met die amptenare van die paleis en die spesiale manne van Dawid, en ook al die ander belangrike persone.

2Koning Dawid het opgestaan en gesê: “My vriende en mense van my volk, luister na wat ek sê. Ek wou ’n tempel bou waar die verbondskis van die Here kan staan, die plek waarop ons God sy voete kan sit. En ek het gereedgemaak om te bou.

3Maar God het vir my gesê: ‘Jy mag nie vir My ’n tempel bou nie, want jy het oorlog gemaak en jy het mense doodgemaak.’

4Die Here, die God van Israel, het vir my uit my hele familie gekies om koning van Israel te wees so lank soos ek lewe. Hy het die Juda-stam gekies om die belangrikste stam te wees. Van die Juda-stam het Hy mý familie gekies, en van my pa se seuns het Hy vir mý gekies om koning te wees oor die hele Israel.

5Die Here het baie seuns vir my gegee, en van daardie seuns het Hy my seun Salomo gekies om op die troon te sit, die troon wat behoort aan die Here, die Koning van Israel.

6Die Here het vir my gesê: ‘Jou seun Salomo, hý sal vir My die tempel bou met sy oop stukke grond, want Ek het hóm gekies om ’n seun te wees vir My, en Ek sal ’n Vader wees vir hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Salomo doen nou wat Ek wil hê en wat Ek besluit. As hy aanhou om dit te doen, dan sal Ek hom koning laat wees so lank soos hy lewe.’

8Julle moet nou vir my iets belowe, hier waar die hele Israel, die volksvergadering van die Here, dit sien, hier waar ons God dit hoor. Julle moet belowe dat julle sal aanhou om alles te doen wat julle God die Here wil hê. As julle dit doen, dan sal hierdie goeie land julle land wees en julle kinders sal die land ná julle erf, vir altyd.

9En jý, my seun Salomo, jy moet die God van jou pa ken en jy moet Hom dien met jou hele hart. Jy moet dit geniet om dit te doen, want die Here weet wat elke mens dink, Hy ken elke gedagte van ’n mens. As jy die Here soek, dan sal Hy jou help om Hom te kry, maar as jy weggaan van Hom, dan sal Hy jou vir altyd los.

10Jy moet nou besef dat die Here vir jou gekies het om die tempel te bou wat aan Hom gewy sal wees. Jy moet sterk wees, jy moet dit doen.”

11Dawid het vir sy seun Salomo planne gegee van die voorportaal en van die ander geboue by die tempel. Dit was planne van die kamers waar hulle die kosbare goed kon bêre, planne van die bo-kamers, die binneste kamers, en die kamer vir die deksel van die verbondskis.

12Daar was planne vir alles waaraan Dawid gedink het: planne vir die oop stukke grond by die tempel, vir al die kamers rondom die tempel, vir die stoorkamers van die tempel en die stoorkamers vir die gewyde goed,

13vir die kamers van die groepe priesters en Leviete, vir al die werk in die tempel, en vir die kamers vir al die tempel-gereedskap.

14Dawid het vir Salomo ook gesê hoeveel goud en silwer hulle moet gebruik vir die gereedskap.

15Hy het gesê hoeveel elke goue lampstaander en sy lampe moet weeg, en hoeveel goud hulle daarvoor moet gebruik, hoeveel elke silwer lampstaander en sy lampe moet weeg, en hoeveel silwer hulle daarvoor moet gebruik. Hy het gesê hoe hulle elke lampstaander moet gebruik.

16Dawid het vir Salomo gesê hoeveel goud hulle moet gebruik vir die tafels waar die offer-brood moet staan, en hoeveel silwer hulle moet gebruik vir die silwertafels.

17Dawid het gesê hulle moet skoon goud gebruik vir die vurke, die skottels, die bekers en die goue bakke, en hy het gesê hoeveel goud hulle vir elkeen moet gebruik. Hy het ook gesê hulle moet silwer gebruik vir die silwerbakke, en hy het gesê hoeveel silwer hulle vir elkeen moet gebruik.

18Hy het gesê die wierook-altaar moet van skoon goud wees, en hy het gesê hoeveel goud hulle moet gebruik. Hy het ’n plan gegee vir die waentjie waarop die goue gerubs moes staan. Die gerubs se vlerke moes oop wees en die vlerke moes die verbondskis van die Here toemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Dawid het gesê: “Alles wat ek vir julle laat skryf het, kom van die Here. Hy het
duidelik vir my gesê wat julle alles moet doen en hoe julle dit moet doen.”

20Dawid het ook vir sy seun Salomo gesê: “Jy moet sterk en dapper wees en jy moet
die werk begin doen, jy moenie bang wees nie. Jy moet oor niks bekommerd wees
nie, want God die Here, my God, is by jou. Hy sal jou nie los nie, Hy sal jou help om al
die werk by die tempel klaar te maak.

21Hier is groepe priesters en Leviete wat al die werk in die tempel sal doen, en by jou
is daar vaardige mense wat alles kan en wil doen wat hulle moet doen. Die leiers en
die hele volk sal doen wat jy sê.”

1 Kronieke 29

Dawid en die leiers gee die goed wat die werkers moes gebruik om die tempel te bou

1Koning Dawid het vir die hele volksvergadering gesê: “God het een persoon gekies
om die tempel te bou, Hy het my seun Salomo gekies. Salomo is jonk en swak. Dit is
’n groot werk, want die paleis wat hy moet bou, is nie vir ’n mens nie, dit is ’n tempel
vir God die Here.

2Ek het gedoen wat ek kon doen om alles gereed te maak vir die tempel van my God:
die goud, die silwer, die brons en die hout vir alles wat hulle daarvan moet maak, en
ook nog oniks, edelstene om vas te sit teen die mure, klippies wat al die kleure het,
en baie marmer.

3En ek gee ook al die goud en silwer wat ek het vir die tempel van my God, ek wil dit
graag doen vir die tempel van my God. Ek gee dit saam met alles wat ek al klaar
gereedgemaak het vir die gewyde gebou.

4Dit is 3 000 talente goud, goud uit die land Ofir, en 7 000 talente silwer. Julle moet
dit gebruik om die mure van die geboue toe te maak,

5en vir die werk wat die ambagsmanne moet doen, hulle moet die goue goed en die
silwergoed daarvan maak. En nou vra ek, wie van julle wil nou iets vir die Here gee?”

6Die familiehoofde wou graag iets gee, en ook die stamhoofde, die leiers van 1 000
manne en die leiers van 100 manne, en die amptenare wat die werk vir die koning
moes laat doen.

7Hulle het 5 000 talente goud gegee vir die werk by die tempel en ook 10
000 darieke goud, 10 000 talente silwer, 18 000 talente brons en 100 000 talente
yster.

8Almal wat edelstene gehad het, het dit gegee vir die stoorkamers van die tempel.
Jegiël van die Gerson-familie het dit daar opgepas.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Die mense was bly omdat die leiers al die goed gegee het, want al die leiers wou dit graag vir die Here gee. Koning Dawid was ook baie bly.

Dawid bid tot die Here

10Dawid het die Here geprys. Die hele volksvergadering het dit gehoor. Dawid het gesê: “Here, God van ons voorvader Israel, almal moet U prys, altyd en altyd.

11Alles wat belangrik is, alles wat sterk is, al die lig behoort aan U. Almal weet van U, die Koning in die hemel en op die aarde. Here, U is Koning, U is belangriker as almal en alles.

12U maak mense ryk en U gee vir hulle eer, dit is Ú wat oor alles regeer. U is sterk en U kan alles doen, en dit is U wat ’n mens groot en sterk kan maak.

13Daarom prys ons U, ons God, ons sing oor u wonderlike Naam.

14Maar wie is ek en wie is my volk wat hierdie goed vir U kan bring? Ons bring dit vir U, maar alles kom van U, en ons gee weer vir U die goed wat aan U behoort.

15Want ons is soos ons voorvaders, ons is ook soos vreemdelinge by U. Ons is naby U omdat U sê ons mag naby U wees. Ons lewe op die aarde is soos ’n skaduwee, dit gaan gou verby.

16Ons God die Here, ons het al hierdie goed gereedgemaak om ’n tempel te bou vir U, die heilige God, maar al hierdie goed kom van U, alles behoort aan U.

17My God, ek weet dat U ’n mens se hart toets en dat U wil hê ’n mens moet eerlik wees. Ek het self besluit om al hierdie goed vir U te gee, en ek het nou gesien dat u volk wat hier is, dieselfde gedoen het. Ek is bly daaroor.

18Here, God van ons voorvaders Abraham, Isak en Israel, U moet u volk help om altyd so te dink, hulle moet net aan U dink.

19En help my seun Salomo sodat hy met sy hele hart gehoorsaam sal wees aan u gebooie, aan alles wat U gesê het. Help hom sodat hy dit alles sal doen en sodat hy die paleis vir U sal bou, ek het alles daarvoor gereedgemaak.”

Salomo gaan sit op die troon

20Daarna het Dawid vir die hele volksvergadering gesê: “Julle moet nou julle God die Here prys.” Toe het die hele vergadering die Here, die God van hulle voorvaders, geprys. Hulle het voor die Here en voor die koning gekniel en laag gebuig.

21Die volgende dag het hulle vir die Here offers gebring. Hulle het brand-offers vir die Here gebring. Hulle het 1 000 bulle, 1 000 skaap-ramme en 1 000 lammers saam met die drank-offers gebring. Al die Israeliete het ook nog baie offers gebring.

22Hulle was daardie dag baie bly en hulle het daar voor die Here geëet en gedrink. Hulle het die tweede maal vir Salomo seun van Dawid koning gemaak en hulle het

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

hom gesalf om die koning te wees wat aan die Here behoort. Hulle het ook vir Sadok gesalf om die priester te wees.

23Salomo het op die troon van die Here gaan sit om koning te wees ná sy pa Dawid. Dit het goed gegaan met Salomo, en al die Israeliete het gedoen wat hy sê.

24Al die leiers en die spesiale manne en die prinse het belowe dat hulle gehoorsaam sal wees aan koning Salomo.

25Die Here het vir Salomo baie belangrik gemaak, al die Israeliete het vir Salomo gerespekteer. Salomo het ’n belangriker koning geword as al die konings wat vóór hom oor Israel regeer het.

Dawid sterf

(Kyk ook 1 Kon 2:10-11)

26Dawid seun van Isai was koning van al die Israeliete.

27Hy was 40 jaar lank koning van die Israeliete. Hy het sewe jaar lank in Hebron regeer en 33 jaar in Jerusalem.

28Dawid was oud toe hy gesterf het. Hy het lank gelewe, hy was ryk, en mense het hom gerespekteer. Sy seun Salomo het ná hom koning geword.

29Die geskiedenis van koning Dawid, van die begin tot die einde, is geskryf in die Geskiedenis van die siener Samuel en in die Geskiedenis van die profeet Natan en in die Geskiedenis van die siener Gad.

30Hulle het geskryf wat Dawid gedoen het toe hy koning was, watter groot dinge hy gedoen het en wat alles gebeur het met hom en met die Israeliete en met die ander lande.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2 Kronieke

2 Kronieke 1

Die Here gee vir Salomo wysheid

(Kyk ook 1 Kon 3:2-15)

1Salomo seun van Dawid het koning geword en hy het seker gemaak dat hy koning
sal bly. Sy God die Here was by hom. Die Here het hom ’n baie belangrike koning laat
word.

2Salomo het al die leiers van die Israeliete laat roep. Dit was die leiers van 1 000
manne en die leiers van 100 manne, die regters, elke leier in die hele Israel, die
familiehoofde.

3Hy en die hele volksvergadering saam met hom het na die offer-plek in die stad
Gibeon gegaan, want die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het, was daar.
Dit was die tent wat Moses, die dienaar van die Here, in die woestyn laat maak het.

4Maar die kis van God was op die plek wat Dawid daarvoor laat gereedmaak het.
Dawid het die kis voorheen uit Kirjat-Jearim gebring en hy het ’n tent vir die kis in
Jerusalem laat opslaan.

5Die brons-altaar wat Besaleël seun van Uri seun van Gur gemaak het, was in Gibeon
voor die tempel-tent van die Here. Salomo en die volksvergadering het daar vir die
Here gaan vra wat hulle moet doen.

6Salomo het na die brons-altaar gegaan wat voor die tent was, voor die Here, en hy
het 1 000 brand-offers op die altaar ge-offer.

7Daardie nag het God aan Salomo verskyn en vir hom gesê: “Jy mag vir My enige iets
vra, Ek sal dit vir jou gee.”

8Salomo sê toe vir God: “U het gedoen wat U vir my pa belowe het, U het my koning
laat word ná hom.

9Nou vra ek vir U, Here God, U moet nou alles waar laat word wat U vir my pa Dawid
belowe het, want U het my koning laat word oor ’n volk wat so baie is soos die stof
op die aarde.

10U moet nou vir my wysheid gee en U moet my help om alles te verstaan, sodat ek
hierdie volk kan lei, want wie kan alleen oor hierdie groot volk van U regeer?
Niemand.”

11God het vir Salomo gesê: “Jy het nie gevra om ryk te word en om baie goed te hê
nie. Jy het nie gevra dat mense jou sal respekteer nie, of dat jy jou vyande sal kan
doodmaak en dat jy lank sal lewe nie. Nee, jy het gevra dat jy wysheid sal hê en dat jy

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

dinge sal ken, sodat jy goed kan regeer oor my volk, my volk oor wie Ek jou koning laat word het.

12Daarom gee Ek vir jou wysheid, Ek sal jou help om dinge te ken, maar Ek sal jou ook ryk laat word, en jy sal baie goed hê, en mense sal jou respekteer. Jy sal meer van alles hê as die konings wat vóór jou regeer het, en meer as die konings wat ná jou sal regeer."

13Salomo het weggegaan van die offer-plek in Gibeon, van die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn het. Hy het teruggegaan na Jerusalem. Salomo was koning oor Israel.

Salomo koop oorlogkarre en perde

(Kyk ook 1 Kon 10:26-29)

14Salomo het oorlogkarre en oorlogperde bymekaargemaak. Hy het 1 400 oorlogkarre en 12 000 oorlogperde gehad. Hy het party van hulle laat bly in die stede waar hulle die oorlogkarre gehou het, en party het hy by hom in Jerusalem laat bly.

15Die koning het baie goud en silwer gehad, so baie soos die klippe in Jerusalem, en so baie sederhout soos die wildevyebome in die Laeveld.

16Salomo het perde uit Egipte en die land Kewe gekry. Die handelaars van die koning het die perde in Kewe gaan koop.

17Die handelaars het 600 sikkels silwer betaal vir een oorlogkar uit Egipte en 150 sikkels vir een perd, en hulle het oorlogkarre en perde verkoop aan al die konings van die Hetiete en die Arameërs.

2 Kronieke 2

Salomo en koning Hiram van Tirus maak 'n ooreenkoms

(Kyk ook 1 Kon 5:1-12)

1Salomo het besluit om 'n tempel te bou waar hulle die Naam van die Here kan eer, en ook 'n paleis vir homself.

2Hy het besluit dat 70 000 mans die hout moet dra en dat 80 000 mans die klippe in die berge moes kap. Daar moes ook 3 600 hoofde wees. Hulle moes kyk dat die werkers hulle werk doen.

3Salomo het vir koning Hiram van Tirus 'n boodskap gestuur. Hy het gesê: "Jy het vir my pa Dawid sederhout gestuur sodat hy vir hom 'n paleis kon bou om in te woon.

4Nou wil ek 'n tempel bou om die Naam van my God die Here te eer. Ek wil die tempel aan Hom wy sodat ons daar wierook kan brand voor Hom, en sodat ons altyd offer-brood op sy tafel kan sit, en sodat ons brand-offers kan bring in die oggend en in die aand, op die Sabbatdae, die Nuwemaan-feeste en die ander feeste vir ons God die Here. Dit is dinge wat die volk Israel altyd moet doen.

© Bible Society of South Africa.

5Die gebou wat ek wil bou, moet groot wees, want ons God is groter as ander gode.

6Niemand kan regtig vir Hom ’n huis bou nie, want daar is nie genoeg plek vir Hom nie, ook nie in die hoogste hemel nie. Ek kan net vir Hom ’n tempel bou sodat ons daar vir Hom offers kan bring.

7Nou vra ek dat jy vir my iemand moet stuur wat vaardig is om te werk met goud en silwer en brons en yster en met pers wol, rooi wol en blou wol. Dit moet iemand wees wat ook weet hoe om letters en prente op klip uit te sny. Hy moet die werk doen saam met die slim manne hier by my in Juda en Jerusalem. My pa het hierdie manne bymekaargemaak.

8Jy moet ook vir my sederhout, sipreshout en jenewerhout van die Libanon-berg stuur, want ek weet jou werkers weet hoe om Libanon-bome te kap. My werkers sal saam met jou werkers werk.

9Hulle moet vir my baie sederhout gereedmaak, want die tempel wat ek wil bou, moet groot en wonderlik mooi wees.

10Dit is wat ek sal betaal vir jou werkers wat die hout kap: 20 000 kor koring, 20 000 kor gars, 20 000 bat wyn en 20 000 bat olyf-olie.”

11Koning Hiram van Tirus het vir Salomo in ’n brief geantwoord. Hy het geskryf: “Die Here is lief vir sy volk. Daarom het Hy jou koning laat word oor hulle.”

12Hiram het ook geskryf: “Ek prys die Here, die God van Israel, Hy wat die hemel en die aarde gemaak het. Hy het vir koning Dawid ’n wyse seun gegee, ’n man wat weet wat hy moet doen en wat slim en verstandig is, sodat hy vir die Here ’n tempel kan bou en ook ’n paleis vir homself.

13Nou stuur ek vir jou ’n vaardige man, ’n man wat weet hoe om hierdie dinge te doen. Hy is die meester-ambagsman Hiram.

14Hy is die seun van ’n vrou van die land Dan, en sy pa is ’n man van Tirus. Hy weet hoe om met goud te werk en ook met silwer, brons, yster, klip en hout. Hy weet ook hoe om te werk met pers en blou wol-materiaal, met linne en rooi materiaal, en hoe om letters en prente op klip uit te sny. Hy kan dit doen op enige manier wat jy vir hom sê. Hy kan dit doen saam met jou ambagsmanne, die ambagsmanne van jou pa, koning Dawid.

15Jy moet nou vir my die koring, die gars, die wyn en die olyf-olie stuur wat jy belowe het.

16Dan sal ons al die bome wat jy nodig het, op die Libanon-berg kap. Ons sal vlotte daarvan maak en dit vir jou oor die see bring tot by die stad Jafo. Jy kan hulle dan self na Jerusalem bring.”

Salomo maak werkers bymekaar

(Kyk ook 1 Kon 5:13-18)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Salomo het al die mans laat tel wat vreemdelinge in die land Israel was. Sy pa Dawid het hulle voorheen ook laat tel. Hulle was almal saam 153 600 mans.

18Salomo het gesê 70 000 van hulle moet die hout dra en 80 000 mans moet klippe kap in die berge. Hy het 3 600 mans gekies en aangestel om hoofde te wees. Hulle moes kyk dat die werkers hulle werk doen.

2 Kronieke 3

Salomo bou die tempel

(Kyk ook 1 Kon 6:1-7:51)

1Salomo het begin om die tempel in Jerusalem te bou op Moria-berg. Die Here het daar aan sy pa verskyn. Salomo het die tempel laat bou op die plek wat Dawid gekoop het. Dit was die dorsvloer van die Jebusiet Ornan.

2Hy het die tempel begin bou op die tweede dag van die tweede maand, in die vierde jaar nadat hy koning geword het.

3Die fondamente van die tempel was 60 el lank en 20 el breed. Salomo het die ou maat gebruik toe hy dit gemeet het.

4Die voorportaal by die voorkant van die tempel was 20 el lank, en die tempel was ook 20 el breed. Dit was 120 el hoog. Salomo het die binnekant van die mure van die voorportaal laat toemaak met dun goudplate.

5Hy het die mure van die groot kamer laat toemaak met sipreshout en bo-oor die sipreshout het hy dun goudplate laat sit. Hy het ook palmbome en kettings teen die mure laat maak.

6Hy het edelstene laat vassit teen die mure van die kamer. Die goud het gekom uit die land Parwajim.

7Hy het die kamer met dun goudplate toegemaak, en ook die balke, die drumpels, die mure en die deure. Hy het gerubs teen die mure laat uitsny.

8Salomo het ook die hoog-gewyde kamer laat bou. Dit was 20 el lank en dit was 20 el breed. Dit was so breed soos die voorste kamer. Salomo het goudplate van 600 talente fyn goud gebruik om die mure toe te maak.

9Hy het goue spykers gebruik, en dit het 50 sikkels geweeg. Hy het ook die bo-kamers se mure laat toemaak met goudplate.

10In die hoog-gewyde kamer het hy beelde van twee gerubs gesit en hy het hulle laat toemaak met dun goudplate.

11Die vlerke van die gerubs was saam 20 el lank. Een gerub se een vlerk was vyf el lank en dit het geraak aan die een muur van die kamer. Die ander vlerk was ook 5 el lank en dit was vas aan die vlerk van die ander gerub.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Die ander gerub se een vlerk was ook vyf el lank en dit het geraak aan die ander muur van die kamer. Die ander vlerk was ook vyf el lank en dit was vas aan die vlerk van die ander gerub.

13Die vlerke van hierdie gerubs was oop en die vlerke was saam 20 el lank. Die gerubs het op hulle voete gestaan en hulle het gekyk na die voorste kamer.

14Salomo het die gordyn laat maak van blou, pers en rooi wol-materiaal en van linne. Hy het gerubs op die gordyn laat borduur.

15Voor die voorste kamer het Salomo twee pilare laat bou. Die pilare was 35 el hoog, en bo-op elke pilaar was ’n kapiteel, die kapiteel was vyf el hoog.

16Hy het kettings in die binnekamer gemaak en hy het dit vasgesit bo aan die pilare. Hy het 100 granate gemaak en hy het dit vasgesit aan die kettings.

17Hy het die pilare regop gesit voor die tempel, een pilaar by die regter-kant en een pilaar by die linker-kant. Die pilaar regs het hy Jakin genoem en die pilaar links het hy Boas genoem.

2 Kronieke 4

Salomo laat alles maak wat by die tempel moet wees

1Salomo het ’n altaar van brons laat maak. Die altaar was 20 el lank en 20 el breed en tien el hoog.

2Hy het ook ’n waterbak laat maak. Die waterbak was rond en dit was tien el van die een kant tot by die ander kant. Dit was vyf el hoog en dit was 30 el rondom.

3Onder teen die waterbak was daar beelde van beeste. Daar was tien beeste op elke el. Die beeste was in twee rye, en hulle het dit ook gemaak van brons, soos die waterbak.

4Die waterbak het gestaan op die beelde van twaalf beeste. Drie beeste het noord gekyk, drie beeste het wes gekyk, drie beeste het suid gekyk en drie beeste het oos gekyk. Die beeste was onder die waterbak, en hulle boude was na die binnekant.

5Die waterbak se rand was een sesde el dik, en die rand was soos die rand van ’n beker. Die rand het gelyk soos ’n lelieblom. Die waterbak het 3 000 bat water gehou.

6Salomo het tien was-skottels laat maak. Hy het vyf skottels regs langs die waterbak neergesit, en vyf skottels links. Die priesters moes die gereedskap vir die brand-offer afspoel in die skottels. Die priesters moes hulleself in die waterbak was.

7Salomo het ook die goue lampstaanders laat maak soos die Here gesê het hulle moet wees. Hy het die lampstaanders in die voorste kamer van die tempel gesit, vyf regs en vyf links.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Hy het tien tafels gemaak en hy het hulle in die voorste kamer gesit, vyf regs en vyf links. Hy het ook 100 goue bakke laat maak.

9Hy het die mure laat bou rondom die oop stuk grond waar die priesters kon kom, en rondom die groot oop stuk grond waar ander Israeliete ook kon kom. Daar was deure in die mure, en hy het die deure met brons-plate laat toemaak.

10Hy het die waterbak laat neersit by die regter-kant, suid-oos van die tempel.

11Hiram het potte en grawe en bakke gemaak. Hy het die werk klaargemaak wat hy vir koning Salomo by die tempel moes doen.

12Hy het die twee pilare gemaak, die bakke en die kapitele bo-op die pilare, die nette wat die bakke bo-op die twee kapitele toemaak,

13die 400 granate vir die nette, twee rye granate op elke net wat die bakke bo-op die kapitele toemaak,

14die staanders en die was-skottels op die staanders,

15die waterbak, die twaalf beeste onder die waterbak,

16die potte, die grawe en die vurke en al die ander gereedskap. Die meester-ambagsman Hiram het dit vir koning Salomo gemaak om in die tempel te gebruik. Hy het dit gemaak van brons wat hy blink gevryf het.

17Die koning het al die goed laat smelt in die kleigrond tussen die stad Sukkot en die stad Saretan.

18Salomo het al hierdie goed laat maak. Dit was baie, ja, die brons was te veel, hulle kon dit nie alles weeg nie.

19Salomo het ook al die goed laat maak wat in die tempel moes kom: Dit was die goue altaar, die tafels vir die offer-brood,

20die lampstaanders en hulle lampe wat moes brand voor die binnekamer. Salomo het alles van skoon goud gemaak,

21dit was die blomme en die lampe en hulle goue tangetjies, alles was heeltemal van goud.

22Die skêre, die bakke, die panne en die vuurbakke was ook alles van skoon goud. Die ingang van die voorste kamer, die binnedeure na die hoog-gewyde kamer en die deure van die voorste kamer was alles van goud.

2 Kronieke 5

Salomo sit die gewyde presente van Dawid in die stoorkamers

© Bible Society of South Africa.

1Nadat Salomo al die werk by die tempel klaar gedoen het, het hy die gewyde
presente van sy pa Dawid gebring. Dit was die silwer en die goud en al die goed, en
hy het dit in die tempel se stoorkamers gesit.

Salomo en die leiers bring die verbondskis na die tempel

(Ook 1 Kon 8:1-11)

2Daarna het Salomo al die leiers van Israel in Jerusalem laat bymekaarkom,
die stamhoofde en die familiehoofde van die Israeliete. Hy wou die verbondskis van
die Here uit die Dawidstad, uit Sion, laat bring.

3Al die manne van Israel het by die koning bymekaargekom vir die fees, die fees in
die sewende maand.

4Al die leiers van Israel het gekom, en die Leviete het die kis gedra.

5Hulle het die kis gebring, en ook die tent waar die Here aan die Israeliete verskyn
het en al die gewyde gereedskap wat in die tent was. Die priesters en die Leviete
het dit gedoen.

6Koning Salomo en die hele volksvergadering van die Israeliete wat saam met hom
was, was voor die kis, en hulle het so baie skape en bokke ge-offer dat niemand dit
kon tel nie.

7Die priesters het die verbondskis van die Here na sy plek gebring in die binneste
kamer van die tempel. Dit was die hoog-gewyde plek onder die gerubs se vlerke.

8Die gerubs se vlerke was oop oor die plek waar die kis gestaan het, die gerubs het
die kis en sy dra-houte toegemaak.

9Die dra-houte van die kis was so lank dat ’n mens hulle punte kon sien as hy voor
die binneste kamer gestaan het, maar ’n mens kon die punte nie sien as hy buite
gestaan het nie. Die dra-houte is nou nog daar.

10Daar was niks in die kis nie, net die twee plat klippe wat Moses in die kis gesit het
by Horeb-berg. Hy het dit gedoen toe die Here met die Israeliete ’n verbond gemaak
het nadat hulle uit Egipte gekom het.

11Al die priesters wat daar was, het hulleself gewy, ook die priesters wat nie daardie
dag moes werk nie. Toe die priesters uit die tempel kom,

12was die Leviete wat moes sing, gereed. Hulle was: Asaf, Heman en Jedutun, hulle
seuns en hulle broers. Hulle het wit linne-klere aangehad en hulle het simbale, harpe
en liere gehad. Hulle het oos van die altaar gestaan. Daar was ook 120 priesters
wat trompette geblaas het.

13Die priesters wat trompette geblaas het en die mense wat gesing het, het saam
begin om die Here te prys en vir Hom dankie te sê. Die priesters het die trompette
geblaas en die simbale en die ander musiek-instrumente gespeel. Hulle het die Here

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

geprys en hulle het gesing “Want Hy is goed, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.” Toe het ’n wolk die tempel toegemaak.

14Die priesters kon nie hulle werk doen nie omdat die wolk daar was. Die lig wat om die Koning, die Here, is, het in die hele tempel geskyn.

2 Kronieke 6

1Daarna het Salomo gesê: “Here, U het gesê U wil in ’n plek woon waar niemand U sien nie.

2Ek het nou vir U ’n tempel gebou om in te woon, ’n huis waar U altyd kan woon.”

Salomo praat met die volksvergadering van Israel

(Kyk ook 1 Kon 8:12-21)

3Toe kyk die koning na die hele volksvergadering van Israel wat daar staan. Hy het hulle gegroet

4en hy het gesê: “Ek prys die Here, die God van Israel. Hy het vir my pa Dawid iets belowe en Hy het gedoen wat Hy belowe het. Hy het gesê:

5‘Van die tyd toe Ek my volk Israel uit Egipte gebring het tot nou toe, het Ek nie ’n stad gekies uit al die stede van die stamme van Israel nie, ’n stad waar iemand ’n tempel moet bou wat my Naam het. Ek het ook nie iemand gekies om oor my volk Israel te regeer nie.

6Maar toe het Ek vir Jerusalem gekies sodat hulle my Naam daar kan eer en Ek het vir Dawid gekies om oor my volk Israel te regeer.’

7My pa Dawid het besluit om ’n tempel te bou om die Here, die God van Israel, te dien,

8maar die Here het vir my pa Dawid gesê: ‘Dit is goed dat jy planne het om ’n tempel vir My te bou,

9maar jý sal nie die tempel bou nie, jou seun wat gebore sal word, hý sal die tempel vir My bou.’

10En die Here het laat gebeur wat Hy belowe het. Ek het koning geword ná my pa Dawid, ek sit op die troon van Israel soos die Here belowe het, en ek het die tempel gebou om die Here, die God van Israel, te dien.

11Ek het die kis van die Here in die tempel laat sit. Die verbond wat die Here met die Israeliete gemaak het, is in daardie kis.”

Salomo bid tot die Here

(Ook 1 Kon 8:22-54)

12Toe het Salomo voor die altaar van die Here gaan staan. Hy het voor die hele volksvergadering van Israel gestaan en hy het sy hande uitgesteek.

© Bible Society of South Africa.

13Salomo het ’n brons verhoog laat maak en hy het dit in die oop stuk grond gesit. Die verhoog was vyf el lank en vyf el breed en drie el hoog. Salomo het op die verhoog gaan staan en hy het voor die hele volksvergadering van Israel gekniel. Hy het sy hande uitgesteek na die hemel

14en hy het gesê: “Here, God van Israel, in die hemel daar bo en op die aarde hier onder is daar nie ’n ander God soos U nie. U het aangehou om vir u dienaars te doen wat U in u verbond belowe het, u dienaars wat met hulle hele hart lewe soos U wil hê.

15U het gedoen wat U vir u dienaar, my pa Dawid, gesê het. U het dit belowe en U het dit gedoen, dit is vandag soos U belowe het.

16En nou, Here, God van Israel, moet U vir u dienaar, my pa Dawid, doen wat U belowe het. U het vir hom gesê: ‘Iemand van jou nageslag sal altyd op die troon van Israel sit, maar dan moet jou nageslag reg doen. Hulle moet lewe soos Ek wil hê en soos jy ook gelewe het.’

17En nou, God van Israel, laat die woorde asseblief waar word wat U gesê het vir u dienaar, my pa Dawid.

18Maar sal God regtig op die aarde woon? Daar is nie genoeg plek vir U in die hoogste hemel nie, en hierdie tempel wat ek gebou het, het nóg minder plek.

19Maar my God die Here, luister nou wanneer ek bid en soebat, luister na wat ek vir U vra wanneer ek, u dienaar, vandag tot U bid.

20U moet asseblief altyd sorg vir hierdie tempel. Dit is die plek waar U gesê het U wil wees. Luister na die gebed wat ’n dienaar van U bid wanneer hy na hierdie plek kyk en bid.

21Luister wanneer u dienaar en u volk Israel bid en soebat terwyl hulle na hierdie plek kyk en bid. En wanneer U dit hoor in u woonplek, die hemel, vergewe dan ons sonde.

22“Wanneer iemand sê ’n ander persoon het verkeerd gedoen teen hom, en hy wil hê die ander persoon moet voor U kom sê dat U hom moet straf as hy dit gedoen het, dan sal die ander persoon miskien voor die altaar in hierdie tempel kom staan en sê hy is onskuldig.

23Dan moet U asseblief in die hemel luister en U moet oordeel tussen u dienaars. Die persoon wat skuldig is, moet die straf kry vir dit wat hy gedoen het en die persoon wat onskuldig is, moet vry wees omdat hy onskuldig is.

24“U volk Israel sal miskien ’n oorlog verloor teen vyande omdat u volk sonde gedoen het teen U. As u volk dan hulle lewe verander en hulle doen wat U wil hê en hulle prys u Naam en hulle bid tot U in hierdie tempel en hulle soebat vir U,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25dan moet U asseblief in die hemel luister en U moet u volk Israel se sonde vergewe
en U moet hulle laat terugkom na die land wat U vir hulle voorvaders gegee het.

26"U sal miskien die hemel toesluit en dit sal nie reën nie omdat u volk sonde doen
teen U. As hulle dan na hierdie plek kyk en bid, en hulle prys u Naam en hulle
verander hulle lewe en hulle doen wat U wil hê en hulle vra dat U moet luister na
hulle gebed,

27dan moet U asseblief in die hemel luister en U moet u dienaars en u volk Israel se
sonde vergewe. U moet iets doen om hulle te help, U moet reën gee op die land wat
U vir u volk gegee het. So sal U vir hulle leer om reg te lewe.

28"Daar sal miskien hongersnood in die land wees, of almal sal begin siek word en
sterf, of daar sal siektes kom in die koring op die land, of daar sal swerms sprinkane
kom, of vyande van die volk sal kom en hulle sal die stede aanval van al die kante, of
ander slegte dinge sal gebeur.

29Dan moet U asseblief luister wanneer iemand of u volk Israel bid en soebat, U
moet luister wanneer elke persoon sy hande uitsteek na hierdie tempel en sê wat
met hom gebeur het.

30Luister dan asseblief in u woonplek, die hemel, en vergewe sy sonde en help hom.
Gee vir elkeen wat hy moet kry, want net U weet hoe 'n mens se hart regtig is.

31Dan sal hulle altyd gehoorsaam wees aan U terwyl hulle in die land woon wat U vir
hulle voorvaders gegee het.

32"Maar U moet ook luister na iemand wat nie van u volk Israel is nie en wat van 'n
ver land kom omdat hy u Naam gehoor het. As hy gehoor het van u groot Naam en
van die groot dinge wat U gedoen het, en hy kom en hy kyk na hierdie tempel en hy
bid,

33dan moet U luister in die hemel waar U woon en U moet alles doen wat hy vir U in
sy gebed vra, sodat elke volk op die aarde u Naam kan ken en gehoorsaam kan wees
aan U, soos u volk Israel. Doen dit sodat hulle kan weet dat hierdie tempel aan U
behoort, hierdie tempel wat ek gebou het.

34"U volk sal miskien oorlog gaan maak teen vyande omdat U gesê het hulle moet dit
doen. As hulle kyk na hierdie stad wat U gekies het en na hierdie tempel wat ek
gebou het om U te dien, en as hulle bid en soebat,

35dan moet U asseblief in die hemel luister na hulle gebed en U moet hulle laat wen
teen hulle vyande.

36"Al die mense doen sonde. U volk doen ook sonde teen U, en dan word U kwaad
en U gee hulle vir hulle vyande sodat die vyande hulle kan vang en wegvat na die
vyande se land, ver of naby.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

37Maar u volk sal miskien hulle lewe verander daar in die land waar hulle gevangenes is en hulle sal weer na U toe kom en tot U bid in daardie land en sê: ‘Ons het sonde gedoen, ons het verkeerde dinge gedoen, ons is skuldig.’

38As hulle met hulle hele hart en lewe na U toe kom in die land van hulle vyande waar hulle gevangenes is en as hulle kyk na hierdie land wat U vir hulle voorvaders gegee het, en na die stad wat U gekies het, en na die tempel wat ek gebou het om U te dien, en as hulle bid tot U,

39dan moet U asseblief luister in u woonplek, die hemel. U moet luister na hulle gebed en U moenie aanhou om hulle te straf nie. U moet asseblief u volk vergewe wat sonde gedoen het teen U.

40“Nou, my God, U moet asseblief sorg vir hierdie plek en U moet luister wanneer iemand in hierdie plek bid.

41En nou, Here God, moet U kom na die plek waar U wil wees, U en die kis wat vir almal wys dat U sterk is. U priesters moet altyd vertel dat U ons sal red, en die mense wat in U glo, moet altyd bly wees oor die goeie dinge wat U gee.

42Here God, U moet asseblief goed wees vir u gesalfde, onthou dat U lief was vir u dienaar Dawid.”

2 Kronieke 7

Salomo en die Israeliete wy die tempel

(Kyk ook 1 Kon 8:62-66)

1Toe Salomo klaar gebid het, het daar vuur uit die hemel gekom, en dit het die brand-offer en die ander offers verbrand. Die tempel was vol van die lig wat om die Here, die Koning, is.

2Die priesters kon nie in die tempel kom nie, want die lig wat om die Here, die Koning, is, het in die hele tempel geskyn.

3Al die Israeliete het gesien dat die vuur afgekom het. Hulle het ook gesien dat die lig oor die tempel is, die lig wat om die Here, die Koning, is. Hulle het toe gekniel op die plaveisel en hulle het gebuig met hulle gesigte teen die grond. Hulle het vir die Here dankie gesê, “want die Here is goed, want Hy doen altyd wat Hy belowe het.”

4Die koning en die hele volk het offers gebring vir die Here.

5Koning Salomo het 22 000 beeste en 120 000 skape en bokke ge-offer. So het die koning en die hele volk die tempel gewy aan die Here.

6Die priesters het op hulle plekke gestaan, en ook die Leviete met die musiek-instrumente om die lied van die Here te sing. Koning Dawid het die musiek-instrumente laat maak om vir die Here dankie te sê wanneer hy wou hê dat die

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Leviete die Here moet prys, “want die Here doen altyd wat Hy belowe het.” Die priesters het voor die Leviete gestaan en hulle het trompette geblaas. Al die Israeliete het gestaan.

7Salomo het die middelste deel van die oop stuk grond wat voor die tempel was, ook gewy. Hy het die brand-offers en die vet van die ete-offers daar ge-offer. Die brons-altaar wat Salomo laat maak het, was te klein om al die brand-offers en die koring-offers en die vet daar te offer.

8Salomo en al die Israeliete het daardie tyd sewe dae lank feesgevier. Dit was ’n groot volksvergadering, die mense het gekom uit die hele land Israel, van die stad Lebo-Hamat tot by Egipte-spruit.

9Hulle het op die agste dag ’n gewyde feesdag gehad, want hulle het sewe dae lank die altaar gewy en daarna het hulle sewe dae lank feesgevier.

10Op die drie-en-twintigste dag van die sewende maand het Salomo die mense laat teruggaan na hulle huise. Hulle was bly en gelukkig oor die goeie dinge wat die Here gedoen het vir Dawid en Salomo en sy volk Israel.

11So het Salomo die tempel en die paleis klaar gebou. Hy het alles goed gedoen wat hy in die tempel en in sy huis wou doen.

Die Here verskyn weer aan Salomo

(Kyk ook 1 Kon 9:1-9)

12Die Here het in die nag aan Salomo verskyn en vir hom gesê: “Ek het gehoor wat jy gebid het, en Ek het vir My hierdie plek gekies om ’n tempel te wees waar die mense vir My kan offer.

13Ek sal miskien die hemel toesluit en dit sal nie reën nie, of Ek sal vir die sprinkane sê hulle moet al die koring in die land opvreet, of Ek sal pes na my volk toe stuur.

14As my volk wat my Naam dra, hulleself verneder en hulle bid en hulle kom na My toe en hulle hou op om sleg te lewe, dan sal Ek in die hemel hoor en Ek sal hulle sonde vergewe. Ek sal hulle land laat word soos dit voorheen was.

15Nou sal Ek sorg vir hierdie plek en Ek sal luister wanneer iemand hier bid.

16Ek het nou hierdie plek gekies en Ek het dit gewy sodat dit altyd aan My sal behoort. Ek sal altyd sorg vir die plek en daaraan dink.

17En jy, Salomo, as jy lewe voor My soos jou pa Dawid gelewe het, en jy doen alles wat Ek vir jou sê, as jy doen wat Ek wil hê en wat Ek besluit,

18dan sal Ek jou en jou nageslag altyd laat regeer. Ek het dit vir jou pa Dawid belowe. Ek het vir hom gesê: ‘Iemand uit jou nageslag sal altyd oor die volk Israel regeer.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Maar as julle ophou om My te dien en julle doen nie meer wat Ek wil hê nie, as julle nie gehoorsaam is aan die gebooie wat Ek vir julle gegee het nie en julle gaan dien ander gode en julle buig voor hulle,

20dan sal Ek julle wegjaag uit die land wat Ek vir julle gegee het. Ek sal hierdie tempel voor My wegvee, die tempel wat Ek gewy het en waar Ek altyd wil woon. Ander volke sal daaroor praat en spot.

21Ja, hierdie tempel wat nou so hoog is, sal elkeen laat skrik wat hier verbykom. Hy sal vra: 'Hoekom het die Here dit gedoen? Hoekom het Hy hierdie land en hierdie tempel so gestraf?'

22Dan sal die mense sê: 'Dit het gebeur omdat die Israeliete die Here gelos het, die God van hulle voorvaders, die God wat hulle uit Egipte gebring het. Hulle het ander gode gekies en voor hulle gebuig en hulle gedien. Dit is hoekom die Here al hierdie slegte dinge met hulle laat gebeur het.' "

2 Kronieke 8

Salomo bou stede

(Kyk ook 1 Kon 9:10-23)

1Salomo het 20 jaar lank gebou om die tempel en sy paleis klaar te maak. Daarna

2het hy die stede reggemaak wat Hiram vir hom gegee het. Hy het Israeliete daar laat woon.

3Salomo het na die stad Hamat-Soba gegaan en hy het die mense van die stad oorwin.

4Hy het die stad Tadmor in die woestyn gebou en al die stede in die land Hamat. Hy het sy goed daar gebêre.

5Hy het die stede Bet-Goron-Bo en Bet-Goron-Onder gebou. Dit was stede wat sterk mure gehad het en poort-deure en sluitbalke.

6Hy het die stad Baälat gebou en ook al die stede waar hy sy goed gebêre het en die stede waar sy oorlogkarre en sy ryperde was. Salomo het alles gebou wat hy wou bou in Jerusalem en op die Libanon-berg en in die hele land waar hy koning was.

7In die land was daar mense wat nie Israeliete was nie, dit was die Hetiete, die Amoriete, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete.

8Hulle was die nageslag van die mense wat oorgebly het in die land, die Israeliete het hulle nie doodgemaak nie. Salomo het hulle almal baie hard laat werk, hulle doen dit nou nog.

9Maar Salomo het gesê die Israeliete mag nie slawe word nie. Hulle was sy soldate en die offisiere van die soldate op die oorlogkarre en die perde.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Salomo het 250 belangrike amptenare gehad wat moes kyk dat die mense hulle werk doen.

Salomo bou 'n huis vir sy Egiptiese vrou

(Kyk ook 1 Kon 9:24)

11Salomo het die dogter van die farao uit die Dawidstad gebring na die huis wat hy vir haar gebou het. Hy het gesê: "'n Vrou van my mag nie woon in die paleis van koning Dawid van Israel nie, want die plekke is gewyd waar die kis van die Here gekom het."

Salomo offer en kies priesters en Leviete

(Kyk ook 1 Kon 9:25)

12Daarna het Salomo brand-offers vir die Here gebring op die altaar van die Here. Salomo het die altaar voor die voorportaal van die tempel laat bou.

13Hy het ge-offer soos dit elke dag nodig was, en soos Moses gesê het. Hy het ge-offer op die Sabbatdae, op die Nuwemaan-feeste, en op die drie groot feeste wat hulle elke jaar gevier het: die Fees van die Ongesuurde Brood, die Fees van die Weke en die Hutte-fees.

14Salomo het groepe priesters gekies en aangestel vir hulle werk en hy het Leviete aangestel om die Here te prys en die priesters te help. Hy het gedoen soos sy pa Dawid gesê het. Hy het ook poortwagte aangestel om elke dag by al die poorte te werk, want so het Dawid, die man van God, gesê.

15Hulle het alles gedoen wat die koning gesê het oor die priesters en die Leviete en oor die stoorkamers.

16So het Salomo alles gedoen van die dag toe hy die fondamente van die tempel gebou het totdat hy die tempel heeltemal klaar gebou het.

Salomo kry goud uit die land Ofir

(Kyk ook 1 Kon 9:26-28)

17Daarna het Salomo na die stad Esjon-Geber en na die stad Elot gegaan. Dit was by die strand langs die see in die land Edom.

18Hiram het party van sy amptenare na Salomo toe gestuur en hulle het skepe gebring en mense wat die see ken. Hulle het saam met Salomo se mense na die land Ofir gegaan en hulle het 450 talente goud vir koning Salomo gebring.

2 Kronieke 9

Die koningin van Skeba kom na Salomo toe

(Kyk ook 1 Kon 10:1-13)

1Die koningin van die land Skeba het gehoor dat die mense oor Salomo praat, en sy het gekom om te hoor of hy regtig so baie wysheid het. Sy het na Jerusalem gekom, en daar was baie mense saam met haar, ook kamele wat speserye en baie goud en

© Bible Society of South Africa.

duur edelstene gedra het. Sy het na Salomo toe gekom en sy het vir hom alles gevra wat sy wou vra.

2Koning Salomo het geweet hoe om alles te antwoord wat sy gevra het. Daar was nie een vraag wat vir hom te moeilik was nie.

3-4Toe die koningin van Skeba alles hoor wat hy sê en toe sy alles sien, was sy baie verbaas oor Salomo se wysheid. Sy het die tempel gesien wat hy gebou het, ook die kos op sy tafel en sy amptenare wat by die tafel sit, sy bediendes wat daar staan, die klere wat hulle aangetrek het, die manne wat wyn in die bekers gooi en die klere wat hulle aangetrek het, en sy het ook gesien hoe Salomo opgegaan het na die tempel.

5Sy het vir die koning gesê: “Ek het in my land gehoor van die dinge wat jy alles doen en ek het gehoor van jou wysheid. Dit is alles waar.

6Ek het dit nie geglo nie, maar nou het ek gekom en ek het dit self gesien. En regtig, ek het nog nie alles gehoor nie, ek het minder as die helfte gehoor. Jy is ’n wyse man, en jy is baie ryk. Mense het my vertel dat jy ryk is, maar jy is baie ryker.

7Die manne wat vir jou werk en wat altyd by jou is, is gelukkige mense, want hulle kan luister na die wyse dinge wat jy sê.

8Ek prys jou God die Here wat so baie van jou hou dat Hy jou op sy troon laat sit. Jou God die Here self het jou koning laat word. Jou God het dit gedoen omdat Hy lief is vir Israel. Hy het jou koning laat word oor hulle, sodat jy reg kan doen en regverdig kan wees.”

9Die koningin van Skeba het vir koning Salomo 120 talente goud gegee en baie speserye en edelstene. Daar was nooit weer so baie speserye in die land Israel soos die speserye wat die koningin van Skeba vir koning Salomo gegee het nie.

10Die manne van Hiram en die manne van Salomo wat goud in Ofir gaan haal het, het ook jenewerhout en edelstene saamgebring.

11Die koning het die jenewerhout gebruik om tralies te maak in die tempel en in die paleis en ook om liere en harpe te maak vir die mense wat moes sing. Niemand het weer in die land Juda hout gesien wat so mooi is nie.

12Koning Salomo het vir die koningin van Skeba alles gegee wat sy wou hê, hy het alles gegee wat sy gevra het. Dit was meer as die goed wat sy vir die koning gebring het. Sy en haar amptenare het toe teruggegaan na haar land.

Salomo was ryk en belangrik

(Kyk ook 1 Kon 10:14-29)

13Salomo het elke jaar 666 talente goud gekry.

14Hy het ook nog goud en silwer gekry van die mense wat deur sy land gegaan het, en van die handelaars en van al die konings van Arabië en van die goewerneurs in die land Israel.

© Bible Society of South Africa.

15Koning Salomo het 200 groot skilde laat maak van goudplate. Hulle het 600 sikkels goud vir elke skild gebruik.

16Hy het ook 300 klein skilde laat maak van goudplate. Hulle het 300 sikkels goud vir elke skild gebruik. Die koning het die skilde in die houthuis gesit.

17Hy het ook ’n groot troon laat maak van ivoor en hy het dit laat toemaak met skoon goud.

18Die troon het ses trappe gehad, en ’n voetbank van goud was vas aan die troon. Daar was plekke waar die koning se arms kon rus op altwee kante van die sitplek, en daar was ’n beeld van ’n leeu langs elke kant.

19Langs altwee kante van die ses trappe het twaalf beelde van leeus gestaan. Daar was nie in ’n ander land so ’n mooi troon nie.

20Al die bekers waaruit koning Salomo gedrink het, was van goud, en in die houthuis was al die bekers van skoon goud. In die tyd toe Salomo gelewe het, was silwer nie belangrik nie.

21Die koning se skepe het saam met die manne van Hiram na die land Tarsis gegaan. Die skepe het elke drie jaar goud en silwer, ivoor, ape en bobbejane gebring.

22Koning Salomo het ryker geword as al die konings van die aarde en hy het meer wysheid gehad as hulle.

23Al die konings van die aarde het gekom om vir Salomo te sien en om te luister na sy wysheid, die wysheid wat God vir hom gegee het.

24Die mense het almal presente saamgebring. Dit was silwergoed of goue goed of klere of wapens of speserye of perde of muile. Dit het elke jaar gebeur.

25Salomo het 4 000 stalle vir sy perde en oorlogkarre gehad en hy het 12 000 ryperde gehad. Hy het party perde in die stede laat bly om die oorlogkarre te trek en hy het party perde by hom in Jerusalem laat bly.

26Koning Salomo het regeer oor al die konings tussen die Eufraat-rivier en die land van die Filistyne en die grens van die land Egipte.

27Salomo het so baie silwer gehad soos die klippe in Jerusalem en so baie sederhout soos die wildevyebome in die Laeveld.

28Salomo het perde laat kom uit Egipte en uit al die lande.

Salomo sterf

(Kyk ook 1 Kon 11:41-43)

29Die ander dinge wat Salomo voorheen en later gedoen het, is geskryf in hierdie boeke: die Geskiedenis van die Profeet Natan, die Boodskappe van Agija van Silo en die Dinge wat die Siener Iddo gesien het en geskryf het oor Jerobeam seun van Nebat.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Salomo was 40 jaar lank koning in Jerusalem oor die hele Israel.

31Salomo het gesterf, en hulle het hom begrawe in die stad van sy pa Dawid. Salomo se seun Rehabeam het koning geword ná Salomo.

2 Kronieke 10

Rehabeam word koning, en die mense van Israel word opstandig teen hom

(Kyk ook 1 Kon 12:1-19)

1Rehabeam het na die stad Sigem gegaan, want al die Israeliete het daarnatoe gekom om hom koning te maak.

2Jerobeam seun van Nebat het dit gehoor. Hy was nog in die land Egipte, want hy het daarnatoe gevlug omdat hy bang was vir koning Salomo. Hy het daar gaan woon,

3maar die mense van Israel het hom laat roep, en hy het gekom. Jerobeam en die hele volk Israel het met Rehabeam kom praat.

4Hulle het gesê: “Jou pa het ons baie hard laat werk. Jy moet ons nie so hard laat werk nie, dan sal ons vir jou werk.”

5Rehabeam het vir hulle gesê hulle moet eers weggaan en hulle moet oor drie dae terugkom. Hulle het toe weggegaan.

6Daar was amptenare wat vir Salomo gewerk het toe hy gelewe het. Koning Rehabeam het vir hulle gevra wat hy moet doen. Hy het vir hulle gevra: “Wat sê julle? Wat moet ek vir hierdie mense antwoord?”

7Hulle het vir hom gesê: “As jy vandag goed wil wees vir hierdie mense en jy doen wat hulle wil hê en jy gee vir hulle ’n goeie antwoord, dan sal hulle jou altyd dien.”

8Maar Rehabeam wou nie luister na wat hulle vir hom gesê het nie. Hy het toe vir die jongmanne gaan vra wat saam met hom grootgeword het en wat sy amptenare was.

9Hy het vir hulle gevra: “Wat sê julle? Wat moet ek vir hierdie mense antwoord? Hulle het vir my gevra dat ek hulle nie so hard moet laat werk soos hulle vir my pa moes werk nie.”

10Die jongmanne wat saam met Rehabeam grootgeword het, het vir hom gesê: “Hierdie mense het vir jou gesê dat jou pa hulle baie hard laat werk het, en jy moenie vir hulle so hard laat werk nie. Jy moet vir hulle sê: ‘My pinkie is dikker as my pa se lyf.

11Daarom, my pa het julle hard laat werk, maar ek sal julle nog harder laat werk. My pa het julle regeer met gewone swepe, ek sal julle regeer met swepe wat soos skerpioene byt.’ ”

12Rehabeam het voorheen vir die mense gesê hulle moet ná drie dae terugkom. Jerobeam en die hele volk het toe op die derde dag teruggekom na Rehabeam toe,

© Bible Society of South Africa.

13en die koning het kwaai met hulle gepraat. Hy het nie geluister en gedoen wat die
ouer leiers vir hom gesê het nie.

14Hy het gedoen wat die jongmanne vir hom gesê het. Rehabeam het gesê: “My pa
het julle hard laat werk, maar ek sal julle nog harder laat werk. Hy het julle regeer
met gewone swepe, ek sal julle regeer met swepe wat soos skerpioene byt.”

15Die koning het nie geluister na die volk nie, want die Here het dit so laat gebeur.
Die Here wou doen wat Hy vir Jerobeam seun van Nebat gesê het toe Hy vir Agija van
Silo gestuur het.

16Toe die koning nie na hulle luister nie, het al die mense van Israel vir die koning
gesê: “Ons is nie Dawid se familie nie, die seun van Isai was nie een van ons nie.
Mense van Israel, gaan terug na julle tente! Dawid, nou moet jy jou eie huis oppas.”
Die mense van Israel het teruggegaan na hulle tente.

17Rehabeam was toe koning net van die Israeliete wat in die stede van Juda gewoon
het.

18Adoram was die hoof van die mense wat vir die koning moes werk. Koning
Rehabeam het vir Adoram gestuur na die mense van Israel toe, maar hulle almal het
vir Adoram met klippe doodgegooi. Koning Rehabeam moes vinnig op sy oorlogkar
klim en na Jerusalem vlug.

19Dit is hoe die mense van Israel opstandig geword het teen die koningshuis van
Dawid, en dit het so gebly tot nou toe.

2 Kronieke 11

Rehabeam wil oorlog maak teen Jerobeam

(Kyk ook 1 Kon 12:21-24)

1Rehabeam het na Jerusalem gekom en hy het al die manne van die Juda-stam en
die Benjamin-stam bymekaargeroep. Hulle was 180 000 soldate wat hy spesiaal
gekies het. Rehabeam wou oorlog maak teen die mense van Israel, hy wou probeer
om die land vir homself terug te kry.

2Maar die Here het vir Semaja, ’n man van God, gesê:

3“Jy moet praat met Rehabeam seun van Salomo, koning van Juda, en met al die
Israeliete in die land Juda en die land Benjamin. Jy moet vir hulle sê:

4Die Here sê: Julle moenie oorlog gaan maak teen julle broers nie. Julle moet
teruggaan, elkeen na sy huis, want dit is Ek wat alles laat gebeur het.” Hulle het
geluister na die boodskap van die Here en hulle het teruggegaan, hulle het nie vir
Jerobeam gaan aanval nie.

Rehabeam maak stede sterk

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5Rehabeam het in Jerusalem gewoon, en hy het stede in Juda sterk gemaak.

6Hy het die mure sterker gemaak van die stede Betlehem, Etam, Tekoa,

7Bet-Sur, Soko, Adullam,

8Gat, Maresa, Sif,

9Adorajim, Lakis, Aseka,

10Sora, Ajalon en Hebron. Dit was stede in die land Juda en Benjamin wat sterk mure moes hê.

11Rehabeam het die mure sterker gemaak en hy het mense gekies en aangestel om in die stede te regeer. Daar was ook stoorkamers met kos, olyf-olie en wyn.

12Daar was ook skilde en spiese. Rehabeam het die stede baie sterk gemaak. Die land Juda en Benjamin het aan hom behoort.

Die priesters en Leviete kom woon in Juda

13Die priesters en Leviete wat oral tussen die mense van Israel gewoon het, het uit al hulle woonplekke na Rehabeam toe gekom.

14Die Leviete het hulle weivelde en hulle grond gelos en hulle het na Juda en Jerusalem gekom, want Jerobeam en sy seuns het gesê hulle mag nie meer priesters van die Here wees nie.

15Jerobeam het sy eie priesters gekies en aangestel vir die offer-plekke en die veldgode en die kalfbeelde wat hy gemaak het.

16Mense uit al die stamme van Israel het saam met die priesters en Leviete na Jerusalem gekom. Hulle het self besluit dat hulle die Here wil dien, en hulle het gekom om te offer vir die Here, die God van hulle voorvaders.

17Hulle het die land Juda sterk laat word en hulle het drie jaar lank vir Rehabeam seun van Salomo gehelp, want hulle het drie jaar lank gelewe soos Dawid en Salomo.

Rehabeam se vroue en kinders

18Rehabeam het getrou met Magalat. Haar ouers was Jerimot seun van Dawid en Abihajil dogter van Eliab seun van Isai.

19Rehabeam en Magalat het die seuns Jeüs, Semarja en Saham gehad.

20Hy het ook getrou met Maäka dogter van Absalom, en hulle het die seuns Abia, Attai, Sisa en Selomit gehad.

21Rehabeam was meer lief vir Maäka dogter van Absalom as vir sy ander vroue en byvroue. Hy was getroud met 18 vroue en 60 byvroue, en hy was die pa van 28 seuns en 60 dogters.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Rehabeam het vir Abia seun van Maäka gekies en aangestel om die belangrikste prins te wees en hy het vir Abia die hoof van sy broers gemaak sodat Abia koning kan word.

23Rehabeam was slim, hy het party van sy seuns oral in die stede van Juda laat woon, in die stede wat sterk mure gehad het. Hy het vir hulle meer as genoeg kos gegee en hy het vir hulle baie vroue gekry.

2 Kronieke 12

Koning Sisak van Egipte het Jerusalem aangeval

(Kyk ook 1 Kon 14:22-28)

1Toe Rehabeam seker was dat hy koning is en toe hy sterk geword het, het hy en al die Israeliete saam met hom opgehou om te doen wat die Here wil hê.

2En omdat hulle ontrou geword het aan die Here, het koning Sisak van Egipte vir Jerusalem kom aanval. Dit was in die vyfde jaar nadat Rehabeam koning geword het.

3Sisak het 1 200 oorlogkarre en 60 000 manne op perde by hom gehad, en sy soldate was so baie dat ’n mens hulle nie kon tel nie. Daar was soldate uit Libië, Suk en Kus.

4Sisak het die sterk stede in Juda oorwin en hy het na Jerusalem gekom.

5Die amptenare van Juda het weggevlug van Sisak en hulle het in Jerusalem bymekaargekom by Rehabeam. Die profeet Semaja het na hulle toe gekom en hy het vir hulle gesê: “Die Here sê: Julle het My gelos, daarom het Ek julle gelos, sodat Sisak met julle kan doen wat hy wil.”

6Die amptenare van Israel en die koning het hulleself verneder en hulle het gesê: “Die Here het reg gedoen.”

7En toe die Here sien dat hulle hulleself verneder het, het Hy vir Semaja gesê: “Hulle het hulleself verneder, daarom sal Ek hulle nie almal laat sterf nie. Ek sal hulle nie so swaar straf soos Ek hulle wou straf nie, Ek sal nie vir Sisak gebruik om die mense van Jerusalem te laat voel hoe kwaad Ek regtig is nie.

8Maar hulle sal vir Sisak moet dien, en hulle sal uitvind hoe dit is om My te dien en hoe dit is om konings van ander lande te dien.”

9Koning Sisak van Egipte het na Jerusalem gekom en hy het al die kosbare goed gevat wat in die tempel en in die paleis was. Hy het alles gevat, ook die goue skilde wat Salomo laat maak het.

10Koning Rehabeam het toe ander skilde laat maak, skilde van brons, en hy het die skilde vir die hoofde van die wagte gegee wat waggestaan het voor die paleis.

© Bible Society of South Africa.

11Elke maal wanneer die koning na die tempel gegaan het, dan het die wagte gekom
en hulle het die skilde gedra. Daarna het hulle die skilde teruggebring na die wagte
se kamer.

12Omdat Rehabeam homself verneder het, het die Here nie kwaad gebly vir hom nie.
Die Here het die mense van Juda nie almal laat sterf nie. Dit het toe goed gegaan in
Juda.

Rehabeam sterf

(Kyk ook 1 Kon 14:21,29,31)

13Koning Rehabeam was lank koning in Jerusalem. Hy was 41 jaar oud toe hy koning
geword het en hy was 17 jaar lank koning in Jerusalem. Jerusalem was die stad wat
die Here gekies het van al die stede van die stamme van Israel. Die Here het
Jerusalem gekies om aan Hom te behoort. Rehabeam se ma was die Ammonitiese
vrou Naäma.

14Rehabeam het slegte dinge gedoen, want hy wou nie graag die Here dien nie.

15Al die dinge wat Rehabeam voorheen en later gedoen het, is geskryf in die
dagboeke van die profeet Semaja en van die siener Iddo. Hulle het dit in die
naamlys geskryf. Hulle het ook geskryf oor die oorloë wat daar altyd tussen
Rehabeam en Jerobeam was.

16Rehabeam het gesterf, en hulle het hom begrawe in die Dawidstad. Sy seun Abia
het koning geword ná hom.

2 Kronieke 13

Abia

(Kyk ook 1 Kon 15:1-6)

1Abia het koning in Jerusalem geword in die agtiende jaar nadat Jerobeam koning
van Israel geword het.

2Abia was drie jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Miga dogter van Uriël van
die stad Gibea. Daar was oorlog tussen Abia en Jerobeam.

3Abia het die oorlog begin met ’n leër van 400 000 manne, dit was sy beste manne
wat hy laat uitsoek het. Hulle was manne wat goed oorlog kon maak. Jerobeam het
vir hom gewag met 800 000 manne, dit was ook sý beste manne, manne wat geweet
het hoe om oorlog te maak.

4Abia en sy leër het teen Semarajim-berg gaan staan in die Efraim-berge, en hy het
gesê: “Jerobeam en al die manne van Israel, julle moet luister na wat ek sê.

5Julle weet dat die Here, die God van Israel, vir Dawid en sy nageslag belowe het dat
een van hulle altyd koning van Israel sal wees. Hy het met Dawid ’n verbond gemaak
wat Hy nooit sal breek nie.

© Bible Society of South Africa.

6En toe het Jerobeam seun van Nebat, ’n amptenaar van Salomo seun van Dawid, opstandig geword teen sy koning.

7’n Klomp slegte mense wat niks beteken het nie, het by hom bymekaargekom en hulle was te sterk vir Rehabeam seun van Salomo. Rehabeam was nog jonk en swak en hy kon nie wen teen hulle nie.

8En nou dink julle dat julle sterk kan wees teen die land van die Here, die land waaroor Hy vir Dawid en sy seuns laat regeer. Julle is ’n groot klomp manne en julle het die kalfbeelde by julle, die beelde wat Jerobeam laat maak het om julle gode te wees.

9Julle het die priesters van die Here, die nageslag van Aäron, weggejaag, en ook die Leviete, en julle het vir julle priesters gekies en aangestel soos die volke van ander lande doen. Elkeen wat gekom het en wat ’n bees en sewe skaap-ramme gebring het om homself te laat wy, het ’n priester geword vir gode wat nie gode is nie.

10Maar ons? Die Here is ons God, ons het Hom nie gelos nie. Ons het priesters van die nageslag van Aäron, hulle werk vir die Here, en die Leviete help om die werk te doen wat die priesters moet doen.

11Die priesters offer elke oggend en elke aand brand-offers en wierook wat lekker ruik, hulle sit die offer-brood reg op ’n rein tafel, en hulle kyk dat die lampe van die goue lampstaander elke aand brand, want ons doen wat ons moet doen vir ons God die Here. Maar julle het Hom gelos.

12En julle moet dit weet, God lei ons, en sy priesters het die trompette wat hulle moet blaas sodat die oorlog teen julle kan begin. Israeliete, julle moenie oorlog maak teen die Here, die God van julle voorvaders, nie, want julle sal nie wen nie.”

13Jerobeam het party van sy manne agter-om die Judeërs gestuur om daar weg te kruip. Hulle was agter die Judeërs en sy ander manne was voor hulle.

14Toe die Judeërs omdraai en kyk, toe sien hulle Jerobeam se manne voor hulle en agter hulle. Hulle het tot die Here gebid en gevra dat Hy hulle moet help, en die priesters het die trompette geblaas.

15Die manne van Juda het hard geskree dat die oorlog moet begin, en toe hulle dit doen, het God vir Jerobeam en al die manne van Israel die oorlog laat verloor teen Abia en Juda.

16Die manne van Israel het gevlug vir die manne van Juda, God het Juda laat wen teen hulle.

17Abia en sy manne het gewen en hulle het baie manne doodgemaak. Daar het 500 000 manne van Israel in die oorlog gesterf.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18So het die mense van Israel daardie oorlog verloor. Die Judeërs was die sterkste omdat hulle geglo het dat die Here, die God van hulle voorvaders, hulle sal help.

19Abia het vir Jerobeam gevolg en gejaag en hy het ’n paar stede van Jerobeam gevat. Dit was Bet-El en die dorpies daar naby, Jesana en die dorpies daar naby, en Efrajin en die dorpies daar naby.

20Jerobeam se leër het nie weer sterk geword in die tyd van Abia nie. Die Here het Jerobeam siek laat word, en hy het gesterf.

21Maar Abia se leër het sterk geword. Abia het 14 vroue gehad en hy was die pa van 22 seuns en 16 dogters.

Abia sterf

(Kyk ook 1 Kon 15:7-8)

22Die ander dinge wat Abia gedoen het, hoe hy gelewe het en wat hy gesê het, is geskryf in die Verduidelikings van die profeet Iddo.

2 Kronieke 14

1Abia het gesterf, en hulle het hom begrawe in die Dawidstad. Sy seun Asa het koning geword ná hom.

Asa

(Kyk ook 1 Kon 15:9-15)

In die tyd toe Asa koning was, was daar tien jaar lank vrede in die land.

2Asa het dinge gedoen waarvan sy God die Here hou en wat reg is.

3Hy het die altare van ander gode en die offer-plekke weggevat. Hy het die klip-pale afgebreek en hy het die gewyde pale stukkend gekap.

4Hy het vir die mense van Juda gesê hulle moet die Here, die God van hulle voorvaders, dien en hulle moet doen wat Hy wil hê en wat Hy vir hulle sê.

5Asa het die offer-plekke en wierook-altare weggevat uit al die stede van Juda. Daar was vrede in die land in die tyd toe hy koning was.

6Hy het in Juda stede gebou wat sterk mure het. Daar was vrede in die land, hy het nie oorlog gemaak nie, want die Here het vir hom vrede gegee.

7Hy het vir die mense van Juda gesê: “Kom ons bou hierdie stede en ons bou mure om die stede en ook torings en poorte met sluitbalke. Die land behoort aan ons, want ons het ons God die Here gedien. Ons het Hom gedien, en Hy het vir ons vrede gegee, daar is nie vyande rondom ons nie.” Hulle het toe die stede gebou en hulle het alles goed gedoen.

8Asa het ’n leër gehad. Daar was 300 000 manne van Juda in Asa se leër, hulle het groot skilde en spiese gehad, en daar was 280 000 manne van Benjamin, hulle het klein skilde en pyl en boë gehad. Almal was manne wat goed oorlog kon maak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Die Kussiet Serag het gekom om hulle aan te val met ’n leër van een miljoen manne
en 300 oorlogkarre. Toe hy by die stad Maresa kom,

10het Asa gegaan om teen hom te veg en hy het gereedgemaak om oorlog te maak in
die Sefata-vallei by die stad Maresa.

11Asa het tot sy God die Here gebid en gesê: “Here, net U kan help wanneer baie
mense oorlog wil maak teen mense wat nie sterk is nie. Ons God die Here, U moet
ons help, want ons glo dat U dit kan doen. Ons behoort aan U, en ons glo dat U ons
sal help om oorlog te maak teen hierdie klomp mense. Here, U is ons God, U moenie
dat mense U keer nie.”

12Die Here het die Kussiete laat verloor in die oorlog teen Asa en die Judeërs. Die
Kussiete het gevlug,

13en Asa en sy manne het die Kussiete gevolg en gejaag tot by die stad Gerar. Die
Kussiete het almal in die oorlog gesterf. Die Here en sy leër het die Kussiete
heeltemal oorwin. Die Judeërs het baie van die Kussiete se goed gevat.

14Daarna het hulle al die stede rondom Gerar oorwin, want almal was baie bang vir
hulle. Hulle het alles wat in die stede was, vir hulleself gevat. Daar was baie goed.

15Die Judeërs het ook die kampe aangeval van die mense wat met skape en bokke
geboer het. Hulle het baie skape en bokke en kamele gevat en teruggegaan na
Jerusalem.

2 Kronieke 15

Die goeie dinge wat Asa gedoen het

1Daar was ’n profeet Asarja, hy was die seun van Oded. Die Gees van God het op
hom gekom,

2en hy het na koning Asa toe gegaan en vir hom gesê: “Asa en al die mense van Juda
en Benjamin, julle moet luister. Die Here sal by julle wees as julle Hom dien. As julle
Hom wil dien, dan sal Hy tevrede wees, maar as julle Hom los, dan sal Hy júlle los.

3 Israel het ’n lang tyd nie die ware God gedien nie. Hulle het nie ’n priester gehad
wat vir hulle kon leer nie en hulle het nie die wette van God geken nie.

4Maar wanneer dit sleg gegaan het met hulle, dan het hulle teruggekom na die God
van Israel en dan wou hulle Hom dien, en Hy was tevrede.

5In daardie tyd kon ’n mens nie veilig rondgaan in die land nie, want in al die lande
was daar probleme.

6Volke en stede het mekaar aangeval, want God het hulle bang gemaak en Hy het
hulle laat swaarkry.

© Bible Society of South Africa.

7Maar julle, julle moet sterk wees, julle moenie moedeloos wees nie, want julle sal beloning kry vir die dinge wat julle doen."

8Toe Asa die boodskap hoor wat die profeet Oded gebring het, het hy besluit wat hy wil doen. Hy het die afgodsbeelde laat wegvat uit die hele land Juda en Benjamin en uit die stede wat hy in die Efraim-berge gevat het. Hy het die altaar laat regmaak wat voor die voorportaal van die tempel was.

9Toe het hy gesê al die mense van Juda en Benjamin moet bymekaarkom, en ook al die mense van die stamme Efraim, Manasse en Simeon wat in Juda en Benjamin kom woon het en wat daar vreemdelinge was. Baie mense van Israel het na Asa toe gekom toe hulle sien dat sy God die Here by hom is.

10Hulle het bymekaargekom in Jerusalem in die derde maand van die vyftiende jaar nadat Asa koning geword het.

11Hulle het daardie dag vir die Here offers gebring. Hulle het diere van die Kussiete gevat, en hulle het van daardie diere gegee om te offer. Dit was 700 beeste en 7 000 skape en bokke.

12Hulle het 'n ooreenkoms gemaak met mekaar. Hulle het belowe om die Here, die God van hulle voorvaders, te dien met hulle hele hart en siel.

13Hulle het besluit dat almal moet sterf wat nie die Here wil dien nie. Dit maak nie saak of hulle jonk of oud, man of vrou is nie.

14Hulle het hard geskree en gejuig en hulle het trompette en ramshorings geblaas toe hulle dit alles belowe het en gesê het die Here is die getuie.

15Almal in Juda was bly omdat hulle dit belowe het, want hulle het dit belowe met hulle hele hart. Hulle wou regtig die Here dien, en die Here was tevrede. Hy het vir hulle vrede gegee, daar was nie vyande rondom hulle nie.

16Koning Asa het ook vir sy ouma Maäka gesê sy sal nie meer belangrik wees omdat sy 'n koning se ma is nie, want sy het 'n afgodsbeeld laat maak van die godin Asjera. Asa het die beeld omgegooi en stukkend geslaan. Hy het dit laat verbrand in die Kedron-vallei.

17Daar was nog altyd offer-plekke in die land Israel, maar Asa het sy hele lewe lank aangehou om die Here te dien.

18Asa het die gewyde presente van sy pa en sy eie gewyde presente in die tempel gebring. Dit was goud en silwer en ander goed.

19Asa was 35 jaar lank koning, en in daardie tyd was daar nog nie oorlog in die land nie.

2 Kronieke 16

© Bible Society of South Africa.

Asa vra vir koning Ben-Hadad van Aram om hom te help

(Kyk ook 1 Kon 15:17-22)

1In die ses-en-dertigste jaar nadat Asa koning geword het in Juda, het koning Baesa van Israel besluit om Juda aan te val. Baesa het die stad Rama se mure sterker gemaak, want hy wou keer sodat mense nie na koning Asa toe kan gaan en weer kan terugkom nie.

2Asa het toe goud en silwer geneem uit die stoorkamers van die tempel en die paleis en hy het vir koning Ben-Hadad van Aram 'n boodskap gestuur. Koning Ben-Hadad het in Damaskus gewoon. Asa het vir Ben-Hadad gesê:

3"Daar is 'n ooreenkoms tussen ons en daar was 'n ooreenkoms tussen my pa en jou pa. Ek stuur silwer en goud vir jou. Jy moet jou ooreenkoms met Baesa van Israel breek, dan sal hy moet weggaan uit my land."

4Ben-Hadad het gedoen wat koning Asa gevra het. Hy het die hoofde van sy leër gestuur om die stede van Israel aan te val. Hulle het die stede Ijon, Dan en Abel-Majim oorwin, en ook al die stede in die land Naftali waar daar stoorkamers was.

5Toe Baesa dit hoor, het hy opgehou om die stad Rama te bou, hy het al die werk gelos.

6Koning Asa het toe al die mense van Juda saamgeneem, en hulle het die klippe en die hout weggedra wat Baesa wou gebruik om te bou. Asa het die stede Geba en Mispa gebou met daardie klippe en hout.

Die siener Ganani

7In daardie tyd het die siener Ganani na koning Asa van Juda toe gekom en vir hom gesê: "Jy het vir die koning van Aram gevra om jou te help, jy het nie vir jou God die Here gevra nie. Nou sal jy nie die leër van die koning van Aram kan oorwin nie.

8Die Kussiete en die Libiërs het 'n groot leër gehad met baie oorlogkarre en manne op perde, maar jy het vir die Here gevra om jou te help, en Hy het jou laat wen teen hulle.

9Want die Here sien alles wat op die aarde gebeur en Hy maak die mense sterk wat in Hom glo. Maar jy het 'n dom ding gedoen, en van nou af sal jy altyd oorlog moet maak."

10Asa was kwaad vir die siener. Hy was so kwaad dat hy die siener in die tronk laat sit het. Asa het in daardie tyd ook begin om slegte dinge te doen aan party van sy mense.

Asa sterf

(Kyk ook 1 Kon 15:23-24)

11Die dinge wat Asa gedoen het, voorheen en later, is geskryf in die Boek van die Konings van Juda en Israel.

© Bible Society of South Africa.

12In die nege-en-dertigste jaar nadat hy koning geword het, het Asa baie siek geword, sy voete was baie seer. Dit het baie sleg gegaan met hom, maar hy het nie vir die Here gevra om hom te help nie, hy het vir dokters gevra om hom gesond te maak.

13Asa het gesterf in die een en veertigste jaar nadat hy koning geword het.

14Hulle het hom begrawe in die graf wat hy vir homself laat uitkap het in die Dawidstad. Hulle het sy liggaam neergesit op die plek wat vol kruie en lekkerruik-olies was. Daarna het hulle ’n baie groot vuur aangesteek vir hom om hom te eer.

2 Kronieke 17

1Asa se seun Josafat het koning geword ná hom.

Josafat word ryk, en almal respekteer hom

Josafat het seker gemaak dat hy teen Israel sal kan wen as hulle oorlog maak.

2Hy het gesê daar moet soldate bly in elke stad in Juda wat sterk mure het, en hy het gesê daar moet oral in die land manne bly om wag te staan, ook in die stede wat sy pa Asa in die land Efraim gevat het.

3Die Here was by Josafat en Hy het hom geseën, want Josafat het gelewe soos sy voorvader Dawid gelewe het toe hy koning geword het. Josafat het nie die Baäls gedien nie.

4Nee, hy het die God van sy voorvaders gedien en hy het gelewe soos God sê. Josafat het nie gedoen wat die konings van Israel gedoen het nie.

5Die Here het vir Josafat gehelp om ’n sterk koning te wees. Al die mense van Juda het vir hom presente gebring, en hy het baie ryk geword. Almal het hom gerespekteer.

6Hy was trots dat hy kon aanhou lewe soos die Here wil hê. Hy het die offer-plekke en die gewyde pale afgebreek en weggevat uit die land Juda.

Josafat stuur amptenare en Leviete en priesters om vir die mense te leer

7In die derde jaar nadat Josafat koning geword het, het hy amptenare gestuur om vir die mense in die stede van Juda te leer. Die amptenare was Ben-Gajil, Obadja, Sagaria, Netanel en Miga.

8Saam met hulle was die Leviete Semaja, Netanja, Sebadja, Asael, Semiramot, Jonatan, Adonia, Tobija en Tob-Adonija. Die priesters Elisama en Joram was ook saam met hulle.

9Hulle het vir die mense in Juda gaan leer. Hulle het die Wetboek van die Here by hulle gehad en hulle het deur al die stede van Juda gegaan en vir die mense geleer.

Die Filistyne en Arabiere bring presente vir Josafat

© Bible Society of South Africa.

10Die Here het al die volke in die lande rondom Juda bang laat word vir koning Josafat, en hulle het nie oorlog gemaak teen Josafat nie.

11Party Filistyne het vir Josafat presente gebring en hulle het belasting betaal met silwer. Die Arabiere het ook vir Josafat skape en bokke gebring, 7 700 skaap-ramme en 7 700 bok-ramme.

Die leërs van Josafat

12Die leër van Josafat het sterker en sterker geword. Josafat het stede gebou wat sterk mure het en ook stede waar hy sy goed kon bêre.

13Hy het baie werk gedoen in die stede van Juda, en in Jerusalem het hy soldate gehou wat goed kon veg.

14Hy het gesê hulle moet sy soldate tel en die soldate wat familie van mekaar was, moes saam veg. Die hoofde van die offisiere van Juda was: die leier Adna met 300 000 manne wat goed kon veg,

15en langs hom was die leier Joganan met 280 000 manne.

16Langs Joganan was Amasja seun van Sikri, wat graag vir die Here wou werk, en saam met hom was daar 200 000 manne wat goed kon veg.

17Van die Benjamin-stam was daar Eljada, ’n man wat goed kon veg, en saam met hom was daar 200 000 manne wat pyl en boë en spiese gehad het,

18en langs hom was Josabad met 180 000 manne wat gereed was om oorlog te maak.

19Hulle almal het vir die koning gewerk, en dan was daar ook nog die manne wat die koning oral in die stede van Juda laat bly het, in stede wat sterk mure het.

2 Kronieke 18

Josafat by Agab van Israel

(Kyk ook 1 Kon 22:1-40)

1Koning Josafat was baie ryk, en almal het hom gerespekteer. Sy seun was getroud met ’n dogter van koning Agab.

2Josafat het ná ’n paar jaar vir Agab in die stad Samaria gaan kuier. Agab het ’n groot klomp skape en bokke en beeste geslag vir Josafat en die mense by hom. Agab het met Josafat gepraat en hy het gevra Josafat moet saam met hom oorlog gaan maak teen die stad Ramot in Gilead. Josafat het ja gesê.

3Koning Agab van Israel het vir koning Josafat van Juda gevra: “Sal jy saam met my gaan na die stad Ramot in Gilead?” Josafat het gesê: “Ek sal saam met jou gaan, en jy kan my manne ook gebruik.”

© Bible Society of South Africa.

4Josafat het ook vir die koning van Israel gesê: “Maar jy moet asseblief eers vra en luister na wat die Here sê.”

5Die koning van Israel sê toe al die profete moet bymekaarkom. Daar was 400 profete, en hy vra toe vir hulle: “Moet ons oorlog gaan maak teen Ramot in Gilead of moet ek dit nie doen nie?” Die profete het gesê: “Jy moet gaan. God sal jou laat wen.”

6Toe sê Josafat: “Is hier nog ’n profeet van die Here? Ons moet vir hom ook vra.”

7Die koning van Israel het vir Josafat gesê: “Ja, hier is nog ’n profeet. Dit is Miga seun van Jimla. Ons kan vir hom vra wat die Here sê, maar ek hou nie van die man nie, want die dinge wat hy sê, is nooit goed vir my nie, dit is altyd sleg.” Josafat sê toe: “Die koning moenie so praat nie.”

8Die koning van Israel roep toe ’n amptenaar en hy sê vir hom: “Gaan roep gou vir Miga seun van Jimla.”

9Die koning van Israel en koning Josafat van Juda het hulle koningsklere aangehad en elkeen het op sy troon gesit by die dorsvloer voor die poort van Samaria. Al die profete was besig om vir hulle te sê wat sal gebeur.

10Sedekia seun van Kenaäna het vir hom ’n paar ysterhorings gemaak en hy het gesê: “Die Here sê: Met hierdie horings sal jy die Arameërs stoot totdat hulle almal dood is.”

11Al die ander profete het gesê dit sal so gebeur. Hulle het gesê: “Koning, jy moet gaan na die stad Ramot in Gilead. Jy sal wen, die Here sal die stad vir jou gee.”

12Die boodskapper wat vir Miga moes gaan roep, het vir hom gesê: “Al die profete sê dit sal goed gaan met die koning. Jy moet asseblief ook soos hulle sê, jy moet sê dit sal goed gaan.”

13Miga het gesê: “So seker soos die Here lewe, ek sal sê wat my God vir my sê.”

14Toe Miga by die koning kom, vra die koning vir hom: “Miga, moet ons oorlog gaan maak teen die stad Ramot in Gilead of moet ons dit nie doen nie?” Miga het geantwoord: “Koning, julle moet gaan. Julle sal wen, die Here gee die stad vir julle.”

15Maar toe sê die koning vir Miga: “Ek het baie maal vir jou gesê jy moet net die waarheid praat wanneer die Here jou stuur. Hoekom doen jy dit nie?”

16En toe sê Miga: “Ek het gesien die vyande het al die mense van Israel na al die kante toe op die berge gejaag. Hulle is soos skape wat nie ’n skaapwagter het nie. Die Here het gesê: ‘Hierdie mense het nie ’n koning nie. Hulle moet teruggaan, elkeen moet veilig na sy huis gaan.’ ”

17Die koning van Israel sê toe vir Josafat: “Ek het vir jou gesê dat die profeet Miga altyd sê dit sal sleg gaan met my, nie goed nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18Miga het toe weer gepraat: “Luister wat sê die Here. Ek het gesien die Here sit op
sy troon, en almal wat in die hemel is, staan by Hom, hulle staan regs en links langs
Hom.

19En die Here het gesê: ‘Vir wie kan Ek stuur om vir Agab te bedrieg? Daardie een
moet sê Agab moet na Ramot in Gilead gaan, Ek wil hê Agab moet daar sterf.’ Almal
wat in die hemel is, het daaroor met mekaar gepraat,

20en toe kom een van hulle en hy gaan staan voor die Here en hy sê: ‘Ek sal hom
bedrieg.’ Toe vra die Here vir hom: ‘Hoe sal jy dit doen?’

21en hy sê: ‘Ek sal gaan en ek sal ’n leuengees word. Ek sal vir al die profete sê om
leuens te vertel vir koning Agab.’ Die Here het gesê: ‘Jy sal hom bedrieg, jy sal dit
regkry. Gaan doen dit.’

22Koning, daarom moet jy dit weet: Die Here het ’n leuengees laat kom in die mond
van al hierdie profete van jou. Maar weet jy wat die Here regtig gesê het? Die Here
het gesê dit sal sleg gaan met jou.”

23Toe kom Sedekia seun van Kenaäna nader en hy slaan vir Miga op sy kakebeen en
hy vra: “Dink jy die gees wat van die Here gekom het, het weggegaan van my om met
jóú te praat?”

24Miga het vir Sedekia gesê: “Jy sal dit sien daardie dag wanneer jy van een kamer na
die ander kamer gaan om te probeer wegkruip.”

25Toe sê die koning van Israel: “Vat vir Miga na Amon die burgemeester en na prins
Joas toe,

26en sê vir hulle die koning sê: ‘Julle moet hierdie man in die tronk sit en julle moet
vir hom min kos en water gee totdat ek veilig terugkom.’ ”

27Miga sê toe: “Koning Agab, as jy regtig veilig sal terugkom, dan kom die woorde
wat ek gesê het, nie van die Here nie.” Miga het ook gesê: “Manne, julle moet almal
luister na wat ek sê.”

28Die koning van Israel en koning Josafat van Juda het gegaan na die stad Ramot in
Gilead.

29Die koning van Israel het vir Josafat gesê: “Ek sal ander klere aantrek sodat die
vyande nie sal weet wie ek is nie en dan sal ek saam met die manne oorlog begin
maak. Jy moenie jou koningsklere uittrek nie.” Die koning van Israel het toe ander
klere aangetrek en hy het saam met die manne oorlog begin maak.

30Die koning van Aram het offisiere van die oorlogkarre by hom gehad. Hy het vir
hulle gesê: “Julle moet net die koning van Israel skiet. Julle moenie die ander manne
skiet nie, dit maak nie saak of hulle belangrik of onbelangrik is nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

31En toe die offisiere van die oorlogkarre vir Josafat sien, het hulle gedink dit is die koning van Israel. Hulle het van al die kante gekom om hom te skiet. Josafat het geskree en gevra dat die Here hom moet help, en God het hulle laat wegdraai van hom.

32Toe die offisiere sien dit is nie die koning van Israel nie, het hulle opgehou om vir Josafat te jaag.

33Een van die Arameërs het ’n pyl geskiet. Hy het sommer in die lug geskiet, hy het nie geweet waarnatoe die pyl gaan nie. Hy het die koning van Israel raakgeskiet. Die pyl het ingegaan onder die plate van sy harnas. Die koning het vir die man wat sy oorlogkar gedryf het, gesê: “Draai om en neem my uit die oorlog, want iemand het my raakgeskiet.”

34Maar almal het daardie dag so hard geveg dat die koning van Israel tot die aand op sy oorlogkar moes bly staan teen die Arameërs. Hy het gesterf toe die son ondergaan.

2 Kronieke 19

Die siener Jehu bring ’n boodskap

1Koning Josafat het veilig teruggekom by sy huis in Jerusalem. Hy het niks makeer nie.

2En toe kom die siener Jehu seun van Ganani na hom toe en hy sê vir Josafat: “Jy het ’n man gaan help wat verkeerd gedoen het en jy hou van mense wat nie lief is vir die Here nie. Daarom is die Here nou kwaad vir jou.

3Maar jy het ook goeie dinge gedoen, want jy het die gewyde pale wat in die land was, laat verbrand en jy het regtig probeer om die Here te dien.”

Josafat kies regters en stel hulle aan

4Josafat het in Jerusalem gewoon, maar hy het weer na die mense toe gegaan, van die stad Berseba in die suide tot by die Efraim-berge in die noorde, en hy het die mense laat terugkom na die Here, die God van hulle voorvaders.

5Hy het regters gekies en aangestel in al die stede van Juda wat sterk mure gehad het. Hy het regters gekies in elke stad,

6en hy het vir hulle gesê: “Julle moet goed dink wat julle doen, want dit is nie ménse wat vir julle gekies het en regters gemaak het nie, dit is die Hére. Hy is by julle wanneer julle moet besluit wat is reg en wat is verkeerd.

7Daarom moet julle bang wees vir die Here, julle moet oppas wat julle doen, want ons God die Here sal nie daarvan hou dat julle mense onregverdig oordeel nie, of dat julle goed is vir party mense en nie goed is vir ander mense nie. Hy sal ook nie daarvan hou dat julle geld neem van party mense en dan verkeerd oordeel nie.”

© Bible Society of South Africa.

8Josafat het ook in Jerusalem party Leviete en priesters en familiehoofde van die Israeliete gekies en aangestel om te besluit wat is reg en wat is verkeerd wanneer mense moet doen wat die Here wil hê, hulle moes ook besluit wat is reg en wat is verkeerd wanneer mense mekaar beskuldig. Hierdie regters het in Jerusalem gewoon.

9Josafat het vir hulle gesê: “Julle moet die Here respekteer, julle moet julle werk doen soos Hy wil hê en julle moet dit doen met julle hele hart.

10Die Israeliete wat in die stede woon, sal na julle toe kom en hulle sal vra dat julle moet sê wie het reg gedoen en wie het verkeerd gedoen. Miskien het iemand ’n ander mens doodgemaak of hy het nie gedoen wat die wette van die Here sê nie. Julle moet hulle waarsku om nie verkeerd te doen teen die Here nie, sodat die Here nie vir hulle én vir julle kwaad word nie. Julle moet só werk dat julle nie self skuldig word nie.

11En onthou, die hoëpriester Amarja is julle hoof wanneer julle moet oordeel oor die dinge van die Here, en Sebadja, die stamhoof van Juda, is julle hoof wanneer julle moet oordeel oor die dinge van die koning. Sebadja is die seun van Ismael. Die Leviete is die mense wat vir julle moet help. Julle moet sterk wees. Die Here sal by mense wees wat goed doen.”

2 Kronieke 20

Die Here oorwin die vyande van Juda

1Later het die Moabiete en Ammoniete gekom om oorlog te maak teen koning Josafat, en saam met hulle het nog ander Ammoniete ook gekom.

2Party mense het vir Josafat kom sê: “Daar het ’n groot klomp manne gekom om jou land aan te val. Hulle het gekom van anderkant die Dooie See uit die land Edom. Hulle is al klaar in die stad Gaseson-Tamar, dit is En-Gedi.”

3Josafat het bang geword, en hy het besluit om vir die Here te vra wat Hy sê. Josafat het gesê al die mense in Juda moet vas.

4Die mense van Juda het bymekaargekom om vir die Here te vra wat hulle moet doen. Hulle het uit al die stede van Juda gekom om vir die Here te vra om hulle te help.

5Josafat het gaan staan by die tempel voor die nuwe oop stuk grond. Hy het in die volksvergadering van Juda en Jerusalem gaan staan

6en hy het gesê: “Here, God van ons voorvaders, U is God in die hemel, U regeer oor al die lande van die volke. U is sterk, niemand kan teen U bly staan nie.

7Ons God, U het die mense van hierdie land weggejaag om vir u volk Israel plek te maak en U het die land vir altyd vir die nageslag van u vriend Abraham gegee.

© Bible Society of South Africa.

8Hulle het hier kom woon en hulle het hier ’n tempel gebou vir U. Hulle het gesê:

9‘Wanneer dit sleg gaan met ons, wanneer U ons straf met oorlog of pes of honger, dan sal ons voor hierdie tempel en voor U kom staan, want hierdie tempel behoort aan U. Ons sal bid en vra dat U ons moet help, en U sal hoor, U sal ons red.’

10Nou het die Ammoniete en Moabiete en die mense van Seïr-berg gekom om ons aan te val. Toe die Israeliete uit Egipte gekom het, het U die Israeliete nie in hierdie volke se lande laat kom nie. U het gesê die Israeliete moet wegdraai van hierdie volke. Die Israeliete het nie hierdie volke doodgemaak nie.

11Maar nou het hierdie volke gekom om ons aan te val. Hulle wil ons wegjaag uit hierdie land wat U vir ons gegee het.

12Ons God, U moet hulle straf, want ons is te swak om oorlog te maak teen hierdie groot klomp mense. Ons weet nie wat om te doen nie. Daarom vra ons dat U ons moet help.”

13Al die mans van Juda het daar voor die Here gestaan, die mans en hulle oumense en hulle vroue en hulle kinders.

14Jagasiël was ook daar. Hy was die seun van Sagaria seun van Benaja seun van Jeïel seun van Mattanja. Jagasiël was ’n Leviet van die Asaf-familie. Die Gees van die Here het daar in die vergadering op Jagasiël gekom,

15en hy het gesê: “Luister, al julle mense van Juda, en julle wat in Jerusalem woon, en koning Josafat. Die Here sê vir julle: Julle moenie bekommerd wees nie, julle moenie bang wees vir hierdie klomp vyande nie, want dit is nie julle oorlog nie, dit is God se oorlog.

16Julle moet môre afgaan na hulle toe. Hulle kom nou op in die Bloeisel-pas. Julle sal hulle kry by die punt van die vallei langs die kant van die Jeruel-woestyn.

17Julle sal nie self oorlog maak nie, julle kan net staan en kyk hoe die Here julle red. Mense van Juda en Jerusalem, julle moenie bekommerd wees nie, julle moenie bang wees nie. Gaan môre na hulle toe. Die Here sal by julle wees.”

18Toe het Josafat gekniel met sy gesig na die grond, en al die mense van Juda en Jerusalem het voor die Here op hulle knieë gestaan en hulle het voor Hom gebuig met hulle gesigte teen die grond.

19Toe het die Leviete van die Kehat-familie en die Korag-familie opgestaan om die Here, die God van Israel, te prys. Hulle het baie hard gesing.

20Die mense het vroeg die oggend opgestaan en na die Tekoa-woestyn gegaan. Toe hulle begin loop, het Josafat daar gaan staan en gesê: “Mense van Juda en Jerusalem, julle moet glo in julle God die Here, dan sal julle aanhou lewe. Julle moet glo wat sy profete sê, dan sal julle oorwin.”

© Bible Society of South Africa.

21Nadat Josafat vir die mense gevra het wat hulle dink, het hy mense gekies en aangestel wat moes sing. Hulle moes voor die soldate loop en hulle moes die Here, die Koning, prys. Hulle moes sing “Prys die Here, want Hy doen altyd wat Hy belowe het.”

22Die mense van die Seïr-berge wou vir Juda kom aanval. En presies dieselfde tyd toe Josafat se mense begin het om te sing en om die Here te prys, het die Here die Ammoniete en die Moabiete en die mense van die Seïr-berge laat dink dat daar vyande voor hulle en agter hulle is, hulle het gedink hulle sal die oorlog verloor.

23Die Ammoniete en die Moabiete het toe die mense van die Seïr-berge aangeval en hulle het almal doodgemaak. Daarna het hulle mekaar begin doodmaak.

24Die Judeërs het by ’n plek in die woestyn gekom waar hulle kon staan en ver kon sien wat gebeur. Hulle het gekyk waar die vyande is, en hulle het die lyke daar op die grond gesien lê. Niemand het vry weggekom nie.

25Josafat en sy manne het gekom om die vyande se goed te vat. Hulle het baie goed daar gekry, klere en kosbare goed wat hulle kon vat, hulle kon dit nie alles dra nie. Hulle het drie dae lank die goed weggedra, want dit was so baie.

26Die volgende dag het hulle bymekaargekom in die Prys-vallei, want hulle het die Here daar geprys. Dit is hoekom mense die plek vandag nog “Prys-vallei” noem.

27Al die manne van Juda en Jerusalem het toe omgedraai. Josafat het voor hulle geloop, en hulle het teruggegaan na Jerusalem. Hulle was baie bly, want die Here het hulle bly gemaak oor hulle vyande.

28Hulle het in Jerusalem na die tempel gegaan en hulle het harpe en liere en trompette saamgeneem.

29Die volke in al die lande het baie bang geword toe hulle hoor dat die Here oorlog gemaak het teen die vyande van Israel. God het die volke bang laat word.

30Maar in die land van Josafat was alles stil en rustig. Die Here het vir hom vrede gegee, daar was nie vyande rondom hom nie.

Josafat sterf

(Kyk ook 1 Kon 22:48-51)

31Josafat was koning van Juda. Hy was 35 jaar oud toe hy koning geword het en hy was 25 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Asuba dogter van Silgi.

32Josafat het reg gelewe soos sy pa Asa en hy het aangehou om dit te doen. Hy het reg gedoen, en die Here het daarvan gehou.

33Maar daar was nog offer-plekke, en die mense was nie heeltemal gehoorsaam aan die God van hulle voorvaders nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

34Die ander dinge wat Josafat voorheen en later gedoen het, is geskryf in die Verhale van Jehu seun van Ganani. Dit is geskryf in die Boek van die Konings van Israel.

35Koning Josafat van Juda het later ’n ooreenkoms gemaak met koning Ahasia van Israel. Ahasia was ’n man wat verkeerde dinge gedoen het.

36Josafat het met Ahasia ’n ooreenkoms gemaak om skepe te bou wat na Tarsis kan gaan. Hulle het die skepe in Esjon-Geber gebou.

37Maar Eliëser seun van Dodawa van die stad Maresa het vir Josafat ’n boodskap van die Here gebring. Hy het gesê: “Die Here sal jou werk laat misluk omdat jy ’n ooreenkoms gemaak het met Ahasia.” Die skepe het gebreek, en hulle kon nie na Tarsis gaan nie.

2 Kronieke 21

1Koning Josafat het gesterf, en hulle het hom begrawe by sy voorvaders in die Dawidstad, en sy seun Joram het koning geword ná hom.

Joram

(Kyk ook 2 Kon 8:16-24)

2Joram het broers gehad, hulle was seuns van Josafat. Hulle name was Asarja, Jegiël, Sagaria, Asarja, Migael en Sefatja. Hulle was almal seuns van koning Josafat van Juda.

3Josafat het vir sy seuns baie presente gegee. Dit was silwer, goud, kosbare goed, en ook stede in Juda wat sterk mure het, maar hy het vir Joram koning laat word, want Joram was die oudste.

4Nadat Joram koning geword het en toe hy seker was dat hy koning sal bly, het hy al sy broers laat doodmaak en ook party van die amptenare van Juda.

5Joram was 32 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was ag jaar lank koning in Jerusalem.

6Hy het verkeerd gelewe soos die konings van Israel, soos die familie van koning Agab, want hy was getroud met ’n dogter van Agab. Joram het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie.

7Maar die Here wou nie die koningshuis van Dawid laat ophou regeer nie, want Hy het ’n verbond gemaak met Dawid en Hy het belowe om altyd ’n lamp te laat brand vir Dawid en sy seuns, die Here het belowe dat een van hulle altyd koning sal wees.

8In die tyd toe Joram koning was, het die Edomiete opstandig geword teen Juda en die Edomiete het vir hulleself ’n koning gekies en aangestel.

© Bible Society of South Africa.

9Joram het na die land Edom gegaan saam met al sy offisiere en sy oorlogkarre. Hy het in die nag gereedgemaak en hy het die Edomiete oorwin wat rondom hom en sy offisiere was.

10Die Edomiete het opstandig gebly teen Juda tot nou toe. Die mense van die stad Libna het in daardie tyd ook opstandig geword teen Joram. Dit het gebeur omdat hy nie die Here, die God van sy voorvaders, gedien het nie.

11Joram het ook offer-plekke gebou in die berge van Juda. Hy het die mense van Jerusalem ontrou laat word en hy het die mense van Juda weggelei van die Here.

12Daar het ’n brief van die profeet Elia by Joram gekom. Elia het geskryf: “Die Here, die God van jou voorvader Dawid, sê: Jy lewe nie soos jou pa Josafat of soos koning Asa van Juda gelewe het nie.

13Jy lewe soos die konings van Israel en jy het die mense van Juda ontrou laat word. Jou eie broers was beter mense as jy, maar jy het ook vir hulle vermoor.

14Daarom sal die Here nou jou volk baie swaar laat kry en ook jou seuns en jou vroue en alles wat jy het.

15En jy sal baie siek word in jou maag en jou derms, jy sal ’n lang tyd siek wees totdat jou derms uitkom.”

16Die Here het die Filistyne en die Arabiere wat naby die Kussiete woon, laat besluit om oorlog te maak teen Joram.

17Hulle het oorlog gemaak teen die koning van Juda en hulle het hom oorwin. Hulle het al die goed gevat wat hulle in die paleis kon kry, en hulle het sy seuns en sy vroue gevang en saamgevat. Hulle het net sy jongste seun Joahas nie gevang nie.

18En nadat dit alles gebeur het, het die Here vir Joram siek laat word in sy maag en derms. Daar was nie medisyne vir daardie siekte nie.

19Hy het sieker en sieker geword, en ná twee jaar het sy derms uitgekom. Hy het baie pyn gehad en hy het gesterf. Die mense het altyd ’n vuur aangesteek om die konings vóór Joram te eer, maar Joram se mense het nie ’n vuur vir hom aangesteek nie.

20Hy was 32 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was ag jaar lank koning in Jerusalem. Niemand was jammer toe hy gesterf het nie. Hulle het hom begrawe in die Dawidstad, maar nie in die grafte waar hulle die konings begrawe het nie.

2 Kronieke 22

Ahasia

(Kyk ook 2 Kon 8:25-29; 9:27-29)

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1’n Klomp manne het saam met die Arabiere die leër van Juda aangeval. Hulle het die ouer seuns van Joram almal doodgemaak. Die mense van Jerusalem het toe Joram se jongste seun Ahasia koning gemaak nadat sy pa gesterf het. So het Ahasia, die seun van koning Joram van Juda, koning geword.

2Hy was 42 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was een jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Atalia, ’n kleindogter van Omri.

3Ahasia het ook gelewe soos die familie van Agab, want sy ma het vir hom gesê om verkeerde dinge te doen.

4Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het gedoen soos die familie van Agab, want ná sy pa se dood was hulle sy raadgewers. Dit is hoekom hy gesterf het.

5Hy het gedoen wat die familie van Agab vir hom gesê het om te doen. Ahasia het saam met Joram seun van koning Agab van Israel oorlog gaan maak teen koning Gasael van Aram. Dit was by die stad Ramot in Gilead. Die Arameërs het daar vir Joram raakgeskiet,

6en hy het teruggekom na die stad Jisreël sodat sy seerplekke gesond kon word, die seerplekke wat hy gekry het toe hy oorlog gemaak het teen koning Gasael van Aram. Koning Asarja van Juda, seun van Joram, het na die stad Jisreël gekom om vir Joram seun van Agab te besoek, want Joram was siek.

7Toe het met Ahasia gebeur wat God besluit het. Ahasia het by Joram gekom, en hy het vir Jehu seun van Nimsi daar ontmoet. Die Here het vir Jehu gesalf en gekies om die familie van Agab dood te maak.

8Jehu was besig om die familie van Agab te straf. Hy het die amptenare van Juda gekry en ook die seuns van Ahasia se broers, hulle het vir Ahasia gewerk. Jehu het hulle doodgemaak.

9Jehu het toe vir Ahasia gesoek. Ahasia het in die stad Samaria weggekruip, maar hulle het hom daar gevang. Hulle het hom na Jehu toe gebring en hulle het hom doodgemaak. Hulle het hom begrawe, want hulle het gesê: “Hy is die kleinseun van Josafat, Josafat het die Here met sy hele hart gedien.”

Atalia word koningin

(Kyk ook 2 Kon 11:1-3)

Nadat Ahasia gesterf het, was daar niemand in sy familie wat dadelik koning kon word nie.

10En toe Ahasia se ma Atalia hoor dat haar seun dood is, het sy dadelik begin om almal in die koning van Juda se familie te vermoor.

11Maar prinses Jehoseba het Ahasia se seun Joas weggeneem van die prinse wat sou sterf, niemand het dit gesien nie. Sy het vir Joas en die vrou wat hom moes oppas,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

weggesteek in ’n slaapkamer. Jehoseba was ’n dogter van koning Joram en sy was ’n suster van Ahasia. Sy was getroud met die priester Jojada. So het dit gebeur dat Joas nie gesterf het nie.

12Hulle het vir Joas ses jaar lank in die tempel weggesteek terwyl Atalia oor die land regeer het.

2 Kronieke 23

Joas word koning

(Kyk ook 2 Kon 11:4-20)

1Maar in die sewende jaar het Jojada besluit om iets te doen. Hy het ’n ooreenkoms gemaak met die hoofde van die offisiere. Die hoofde was: Asarja seun van Jerogam, Ismael seun van Joganan, Asarja seun van Obed, Maäseja seun van Adaja, en Elisafat seun van Sikri.

2Hulle het toe rondgegaan in die land Juda en hulle het die Leviete en die familiehoofde van al die stede van Juda bymekaargeroep. Toe het hulle na Jerusalem gekom.

3Daar het die hele volksvergadering by die tempel ’n ooreenkoms gemaak met die koning. Jojada het vir hulle gesê: “Hier is die prins, hy moet koning word, die Here het dit belowe vir die nageslag van Dawid.

4Luister wat julle moet doen: Een derde van julle, die priesters en Leviete wat op die Sabbatdag inkom om te werk, moet wagte wees by die poorte.

5Een derde van julle moet by die paleis wees en een derde moet by die Fondament-poort wees. Al die ander mense moet op die oop stukke grond by die tempel wees.

6Julle moet niemand by die tempel laat kom nie, net die priesters en die Leviete wat moet werk, mag daar kom. Hulle mag inkom, want hulle is gewy. Al die ander mense moet gehoorsaam wees aan wat die Here gesê het.

7Die Leviete moet rondom die koning staan, elkeen moet sy wapen in sy hand hou. Hulle moet almal doodmaak wat by die tempel wil kom, en hulle moet by die koning bly oral waar hy gaan.”

8Die Leviete en die priesters het alles gedoen wat die priester Jojada gesê het. Elkeen het sy manne geneem wat op die Sabbatdag moes kom werk, saam met die manne wat klaar gewerk het, want die priester Jojada het nie die werkgroepe laat teruggaan na hulle huise nie.

9Die priester Jojada het vir die hoof-offisiere die spiese en die skilde gegee wat aan Dawid behoort het en wat nog in die tempel was.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10 Hy het al die manne laat wagstaan om die koning, elkeen het sy wapen in sy hand gehad. Hulle het rondom die koning gestaan, van die suidekant tot by die noordekant van die tempel. Hulle het naby die altaar en die tempel gestaan.

11 Toe het Jojada die prins na buite gebring, en hulle het ’n kroon op sy kop gesit. Hulle het ’n brief vir hom gegee. In die brief was geskryf dat hulle hom gekies en aangestel het om koning te wees. Daar was ook geskryf wat hy moes doen. Jojada en die ander priesters het vir Joas gesalf en hulle het gesê: “Ons bid dat die koning lank sal lewe!”

12 Atalia het gehoor hoe skree die mense terwyl hulle nader hardloop en die koning prys, en sy het na die tempel gekom waar die mense was.

13 Toe sy daar kom, sien sy dat die koning by die pilaar naby die ingang staan. Die leiers en die mense wat die trompette geblaas het, was by die koning. Al die mense van die land was bly en hulle het die trompette geblaas. Die mense wat moes sing, het op hulle musiek-instrumente gespeel en hulle het die mense gelei om die Here te prys. Atalia het haar klere geskeur en geskree: “Julle het my verraai, julle het my verraai!”

14 Die priester Jojada het die hoof-offisiere, die offisiere van die leër, vorentoe laat kom en hy het vir hulle gesê: “Vat haar weg van die mense en maak almal dood wat saam met haar gaan.” Die priester het gesê: “Julle moet haar doodmaak, maar nie hier by die tempel nie.”

15 Hulle het haar gevang en haar na die ingang van die Perde-poort by die paleis gebring, en daar het hulle haar doodgemaak.

16 Jojada het ’n ooreenkoms gemaak tussen homself en die volk en die koning. Hulle het belowe dat hulle ’n volk van die Here sal wees.

17 Daarna het al die mense na die tempel van Baäl gegaan en hulle het dit afgebreek. Hulle het die altare en die beelde stukkend geslaan en hulle het vir Mattan, die priester van Baäl, doodgemaak by die altare.

18 Jojada het vir die priesters van die Levi-stam gesê hulle moet kyk dat alles reg gaan in die tempel. Dawid het die priesters gekies en aangestel by die tempel, die priesters moes vir die Here brand-offers bring. So is dit geskryf in die Wette van Moses. Hulle moes dit doen terwyl hulle bly is en sing, soos Dawid gesê het.

19 Jojada het wagte gekies en aangestel by die poorte van die tempel, sodat niemand kan inkom wat onrein is nie.

20 Hy het die hoof-offisiere en die leiers en die regeerders van die volk en al die belangrike mense van die land saamgeneem. Hulle het die koning uit die tempel gebring en hulle het deur die boonste poort na die paleis gegaan. Hulle het die koning op die troon van die koning laat sit.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Al die belangrike mense van die land was bly, daar was vrede en die mense in die stad was rustig, want Atalia was dood.

2 Kronieke 24

Joas sê hulle moet die tempel regmaak

(Kyk ook 2 Kon 12:1-16)

1Joas was sewe jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 40 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma se naam was Sibja, sy het van die stad Berseba gekom.

2Terwyl die priester Jojada gelewe het, het Joas dinge gedoen waarvan die Here hou.

3Jojada het vir Joas twee vroue gekry, en Joas het seuns en dogters gehad.

4Later het Joas besluit om die tempel reg te maak.

5Hy het die priesters en die Leviete bymekaargeroep en vir hulle gesê: “Julle moet na die stede van Juda gaan en julle moet geld kry van al die Israeliete sodat julle elke jaar die tempel van julle God kan regmaak. Julle moet gou maak.” Maar die Leviete het nie gou gemaak nie.

6Toe roep die koning die hoëpriester Jojada en hy vra vir hom: “Hoekom het jy nie gekyk dat die Leviete die geld van die mense van Juda en Jerusalem kry nie? Dit is die geld wat hulle elke jaar moet betaal. Moses, die dienaar van die Here, het gesê die volk Israel moet die geld betaal vir die tent waarin die tien gebooie is.”

7Dit was nodig om die tempel reg te maak, want die slegte Atalia en haar mense het nie die tempel reggemaak nie en hulle het die gewyde dinge van die tempel gebruik vir die Baäls.

8Die koning het gesê hulle moet ’n kis maak en hulle moet dit voor die poort van die tempel sit, en hulle het dit gedoen.

9Hulle het toe vir die mense van Juda en Jerusalem gesê dat hulle die geld moet bring wat Moses, die dienaar van God, in die woestyn vir die Israeliete gevra het.

10Al die amptenare en die hele volk was bly daaroor. Hulle het almal die geld gebring en hulle het dit alles in die kis gegooi.

11Die Leviete moes elke maal die kis na die koning se amptenare toe bring. Wanneer die amptenare gesien het daar is baie geld in die kis, dan het die sekretaris van die koning en ’n priester gekom. Hulle het die kis leeggemaak en dit dan teruggesit op sy plek. Hulle het dit elke dag gedoen, en hulle het baie geld bymekaargemaak.

12Die koning en Jojada het dan die geld gegee vir die mense wat die tempel moes regmaak. Hulle het mense wat klippe gekap het, gehuur om die tempel reg te maak, en ook ambagsmanne en mense wat met yster en brons kon werk.

© Bible Society of South Africa.

13Die mense wat die werk moes doen, het dit gedoen, en dit het goed gegaan met die werk. Hulle het die tempel reggemaak soos dit moet wees, hulle het dit weer sterk gemaak.

14Toe hulle klaar was, het hulle die geld wat oorgebly het, vir die koning en vir Jojada gegee, en hulle het gereedskap laat maak vir die tempel, gereedskap vir die werk by die tempel en vir die brand-offers. Hulle het ook panne en goue goed en silwergoed gemaak. Hulle het brand-offers gebring na die tempel so lank soos Jojada gelewe het.

Jojada sterf

15Jojada het oud geword. Hy het gesterf toe hy 130 jaar oud was.

16Hulle het hom begrawe by die konings in die Dawidstad, want hy het goeie dinge vir Israel en vir God en sy tempel gedoen.

Joas dien afgode en vermoor 'n profeet

17Nadat Jojada gesterf het, het die amptenare van Juda voor die koning kom buig, en hy het gedoen wat hulle gevra het.

18Hulle het die tempel gelos en hulle het gewyde pale en afgode gedien. Die Here het kwaad geword vir die mense van Juda en Jerusalem oor hierdie verkeerde dinge wat hulle gedoen het.

19Hy het profete na hulle toe gestuur om hulle te laat terugkom na Hom toe. Die profete het vir hulle gesê hulle doen verkeerde dinge, maar hulle het nie geluister nie.

20Toe het die Gees van God gekom in Sagaria seun van die priester Jojada. Sagaria het voor die mense gaan staan en hy het vir hulle gesê: "Hoekom doen julle nie wat die gebooie van die Here sê nie? Dit sal nie goed gaan met julle nie, want julle het die Here gelos, en nou het Hy júlle gelos."

21Maar die mense het saam besluit om vir Sagaria dood te maak en hulle het hom met klippe doodgegooi op die oop stuk grond by die tempel. Die koning het gesê hulle moet dit doen.

22Koning Joas het nie onthou dat Sagaria se pa Jojada goed was vir hom nie, hy het gesê hulle moet Jojada se seun vermoor. Toe Sagaria sterf, het hy gesê: "Ek bid dat die Here dit sien en dat Hy jou sal straf."

Joas sterf

(Kyk ook 2 Kon 12:19-21)

23Dit was die einde van die jaar. Die leër van die Arameërs het vir Joas en sy leër kom aanval. Die Arameërs het na Juda en Jerusalem gekom en hulle het al die leiers van die volk doodgemaak. Hulle het al die goed wat hulle gevat het, vir die koning van Damaskus gestuur.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Die leër van die Arameërs was klein, maar die Here het hulle laat wen teen die groot leër van Juda, want die mense van Juda en Jerusalem het die Here, die God van hulle voorvaders, gelos. Die Arameërs het vir Joas gestraf.

25Toe hulle weggaan, het Joas ernstige seerplekke gehad. Party van sy amptenare het besluit om hom dood te maak omdat hy gesê het hulle moet die seun van die priester Jojada vermoor. Die amptenare het vir Joas op sy bed vermoor. Hy het gesterf, en hulle het hom begrawe in die Dawidstad, maar nie in die grafte waar hulle die konings begrawe het nie.

26Die manne wat hom vermoor het, was Sabad seun van Simat, en Josabad seun van Simrat. Simat was ’n Ammonitiese vrou, en Simrat was ’n Moabitiese vrou.

27Die name van Joas se seuns en die baie dinge wat profete teen hom gesê het en hoe hy die tempel laat regmaak het, is geskryf in die Verduidelikings van die Boek van die Konings. Joas se seun Amasia het koning geword ná hom.

2 Kronieke 25

Amasia maak die moordenaars van sy pa dood

(Kyk ook 2 Kon 14:1-6)

1Amasia was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 29 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Jehoaddan, sy was van Jerusalem.

2Amasia het dinge gedoen waarvan die Here hou, maar hy het dit nie met sy hele hart gedoen nie.

3Toe hy seker was dat hy koning sal bly, het hy sy amptenare wat sy pa vermoor het, laat doodmaak.

4Hy het nie hulle kinders ook doodgemaak nie, want daar is geskryf in die Wette van Moses dat die Here gesê het: “ Wanneer ’n kind sonde doen, dan moet sy pa nie daaroor sterf nie, en wanneer ’n pa sonde doen, dan moet sy kind nie daaroor sterf nie. Elkeen mag net sterf oor dit wat hyself verkeerd gedoen het.”

Amasia oorwin die Edomiete

(Kyk ook 2 Kon 14:7)

5Amasia het gesê die manne van Juda moet bymekaarkom, die families moet in groepe bymekaarkom. Hy het ook hoof-offisiere en ander offisiere gekies en aangestel, hulle was die leiers van al die manne van die Juda-stam en die Benjamin-stam, al die manne wat 20 jaar oud en ouer was. Hy het gesê hulle moet die manne tel, en daar was 300 000 manne wat oorlog kon gaan maak met spiese en skilde.

6Amasia het ook nóg 100 000 manne van Israel gehuur wat goed oorlog kon maak. Hy het 100 talente silwer betaal.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Maar ’n man van God het na hom toe gekom en gesê: “Koning, jy moenie die leër van Israel saam met jou laat gaan nie, want die Here hou nie van Israel nie, Hy hou nie van die Efraim-mense nie.

8Jy dink miskien daardie leër sal jou sterk maak vir die oorlog, maar God sal jou laat verloor teen die vyande, want God kan ’n leër help om te wen, of God kan hulle laat verloor.”

9Amasia sê toe vir die man van God: “Ek het 100 talente betaal vir die manne van Israel. Wat sal van daardie geld word? Moet ek dit alles verloor?” Die man van God het geantwoord: “God kan vir jou baie meer gee as dit.”

10Amasia het toe die groep soldate teruggestuur huis toe, die soldate wat van Efraim na hom toe gekom het. Die soldate was baie kwaad vir die koning en vir die mense van Juda, hulle het kwaad huis toe gegaan.

11Amasia het baie sterk en dapper gevoel. Hy het sy manne gelei en hulle het na die Sout-vallei gegaan. Hulle het daar 10 000 Seïr-mense oorwin.

12Die Judeërs het nóg 10 000 manne van Seïr lewendig gevang en hulle het die manne na die boonste punt van ’n hoë rots gebring. Die Judeërs het hulle daar afgegooi en die manne het hulle doodgeval.

13Amasia het die manne van Israel laat teruggaan na hulle land sodat hulle nie saam met hom kon gaan om oorlog te maak nie. Hierdie manne het toe party stede in Juda aangeval. Hulle het die stede aangeval van Samaria tot by Bet-Goron. Hulle het 3 000 mense doodgemaak en baie goed gevat.

Amasia dien ander gode

14Amasia het teruggekom nadat hy die Edomiete oorwin het. Hy het gode van die Seïr-mense saamgebring en hy het die gode op plekke neergesit om sy gode te wees. Hy het voor die gode gebuig en hy het wierook vir hulle gebrand.

15Die Here was kwaad vir Amasia en Hy het ’n profeet na hom toe gestuur en vir hom gesê: “Hoekom dien jy ’n ander volk se gode? Daardie gode kon nie hulle volk red toe jy hulle aangeval het nie.”

16Die profeet was besig om te praat, en toe sê Amasia vir hom: “Het ons jou gekies om ’n raadgewer van die koning te wees? Nee! Bly stil! As jy aanhou praat, dan sal ek jou laat doodmaak.” Die profeet het stilgebly, maar hy het eers gesê: “Ek weet nou dat God besluit het om jou te laat sterf, want jy doen hierdie ding en jy luister nie wanneer ek vir jou wil help en sê wat jy moet doen nie.”

Amasia verloor ’n oorlog teen Israel

(Kyk ook 2 Kon 14:8-13)

17Koning Amasia van Juda het gevra wat sy raadgewers sê, en toe het hy ’n boodskap gestuur vir Joas seun van koning Joahas van Israel. Hy het vir Joas gesê: “Kom ons maak oorlog teen mekaar.”

© Bible Society of South Africa.

18Koning Joas van Israel het vir koning Amasia van Juda geantwoord: “Die doringbos
op die Libanon-berg laat weet vir die sederboom op die Libanon-berg: ‘Gee jou
dogter sodat my seun met haar kan trou.’ En toe kom daar ’n wilde dier van die
Libanon-berg verby en hy trap die doringbos plat.

19Jy dink noudat jy die Edomiete oorwin het, kan jy jou verbeel dat jy belangrik is. Bly
by jou huis. Hoekom wil jy probleme maak vir jouself? Jy sal sterf, jy en die mense
van Juda saam met jou.”

20Maar Amasia het nie geluister nie, want God het dit besluit. God wou hê dat
Amasia die oorlog moet verloor omdat Amasia en sy manne die gode van Edom
gedien het.

21Koning Joas van Israel en sy manne het gekom, en hy en Amasia het oorlog begin
maak by die stad Bet-Semes in die land Juda.

22Israel het gewen teen Juda, en die manne van Juda het gevlug, elkeen na sy huis.

23Koning Joas het vir koning Amasia van Juda, seun van Joas seun van Joahas, by
Bet-Semes gevang en hy het hom na Jerusalem gebring. Daar het Joas ’n stuk van
Jerusalem se muur afgebreek, die stuk muur was 400 el lank. Dit was tussen
die Efraim-poort en die Hoek-poort.

24Joas het al die goud en silwer gevat, en al die ander goed wat hy in die tempel kon
kry, die goed wat Obed-Edom moes oppas. Joas het ook die kosbare goed van die
paleis gevat en hy het gyselaars saam met hom geneem. Toe het hy teruggegaan na
die stad Samaria.

Amasia sterf

(Kyk ook 2 Kon 14:17-21)

25Koning Amasia van Juda, seun van Joas, het nog 15 jaar gelewe nadat koning Joas
van Israel seun van Joahas, gesterf het.

26Die ander dinge wat Amasia voorheen en later gedoen het, is geskryf in die
dagboek van die Konings van Juda en Israel.

27Nadat Amasia opgehou het om die Here te dien, het mense in Jerusalem besluit
om hom dood te maak. Hy het na die stad Lakis gevlug, maar hulle het mense
daarnatoe gestuur en hulle het hom daar doodgemaak.

28Hulle het sy liggaam op perde teruggebring en hulle het hom begrawe by
sy voorvaders in die Dawidstad.

2 Kronieke 26

Ussia

(Kyk ook 2 Kon 14:21-22; 15:1-7)

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Al die mense van Juda het vir Ussia geneem en hulle het hom koning gemaak ná sy pa Amasia. Ussia was toe 16 jaar oud.

[2]Dit is hý wat die stad Elot weer gebou het en wat die stad teruggevat het vir Juda. Ussia het dit gedoen nadat die koning van Edom gesterf het.

[3]Ussia was 16 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 52 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Jekolja, sy was van Jerusalem.

[4]Ussia het dinge gedoen waarvan die Here hou, hy het gedoen soos sy pa Amasia.

[5]Ussia het probeer om God te dien terwyl Sagaria gelewe het. Sagaria het vir Ussia geleer om te verstaan wat God vir hom wys, en terwyl Ussia die Here gedien het, het God dit goed laat gaan met hom.

[6]Ussia het oorlog gaan maak teen die Filistyne. Hy het die mure van die stede Gat, Jabne en Asdod afgebreek en hy het ander stede gebou by Asdod en in die land van die Filistyne.

[7]God het hom gehelp teen die Filistyne en teen die Arabiere wat in Gur-Baäl gewoon het en teen die Meüniete.

[8]Die Ammoniete het belasting betaal aan Ussia, en al die mense tot by die grens van Egipte het geweet van hom, want sy leër het baie sterk geword.

[9]Ussia het sterk torings gebou in Jerusalem by die poort op die hoek en by die poort in die vallei, en by die plek waar die muur draai.

[10]Hy het ook in die woestyn torings gebou en hy het baie watergate uitgekap, want hy het baie diere gehad, in die Laeveld en op die Hoëveld. Hy het daarvan gehou om te boer, hy het mense gehad wat in sy grond en sy wingerde gewerk het in die berge en in die valleie.

[11]Ussia het ’n leër gehad van manne wat goed oorlog kon maak, die soldate was in groepe. Die sekretaris Jeüel en die voorman Maäseja het die manne getel en in groepe ingedeel. Gananja was hulle leier, Gananja was een van die amptenare van die koning, hy het gekyk dat hulle alles reg doen.

[12]Die familiehoofde van die soldate was almal saam 2 600.

[13]Hulle was die offisiere van ’n leër van 307 500 manne wat goed oorlog kon maak. Hierdie manne kon die koning help teen die vyand.

[14]Ussia het wapens gegee vir al die manne in die leër. Hy het vir hulle skilde, spiese, helms, harnasse, pyl en boë, en klippe vir die slingervelle gegee.

[15]Ussia het in Jerusalem groot wapens gehad wat sy slim mense uitgevind en gemaak het. Die groot wapens het op die torings en die hoeke van die stad gestaan en hulle kon pyle en groot klippe skiet.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Ussia word hoogmoedig en toe word hy melaats

Die Here het vir Ussia wonderlik gehelp, en Ussia se leër het sterk geword. Al die mense het geweet van hom.

16 Maar toe hy so sterk en belangrik word, het hy hoogmoedig geword, en daarom het dit later sleg gegaan met hom. Hy het ontrou geword aan sy God die Here. Hy het in die tempel ingegaan om wierook te brand op die wierook-altaar.

17 Die priester Asarja het hom gevolg, en saam met Asarja was daar 80 belangrike priesters van die Here.

18 Hulle het by koning Ussia kom staan en vir hom gesê: “Ussia, jy mag nie wierook brand vir die Here nie, net die priesters van die nageslag van Aäron is gewy om wierook te brand. Jy moet uitgaan uit die tempel, want jy het ’n verkeerde ding gedoen. God die Here sal sê jy mag dit nie doen nie.”

19 Ussia was kwaad. Hy het die wierook-pan in sy hand gehad om die wierook te brand. En terwyl hy kwaad geword het vir die priesters, het hy melaats geword op sy voorkop. Dit het daar by die priesters in die tempel gebeur, by die wierook-altaar.

20 Die hoëpriester Asarja en al die priesters het na Ussia gekyk, en hulle het gesien dat Ussia melaats is op sy voorkop. Hulle het hom vinnig uit die tempel geneem, en hy was self haastig om uit te gaan. Die Here het hom gestraf.

21 Koning Ussia was melaats tot die dag toe hy gesterf het. Hy het apart in ’n huis gewoon, hy kon nie naby die tempel kom nie omdat hy melaats was. Sy seun Jotam was die hoof van die paleis en hy het regeer oor die mense in die land.

Ussia sterf

(Kyk ook 2 Kon 15:6-7)

22 Die profeet Jesaja seun van Amos het die ander dinge wat voorheen en later met Ussia gebeur het, opgeskryf in ’n boek.

23 Ussia het gesterf, en hulle het hom begrawe by sy voorvaders. Hulle het hom begrawe in die grond by die begraafplaas van die konings, maar nie in die graf van die konings se familie nie, want hulle het gesê Ussia was melaats. Sy seun Jotam het koning geword ná hom.

2 Kronieke 27

Jotam

(Kyk ook 2 Kon 15:32-38)

1 Jotam was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 16 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Jerusa dogter van Sadok.

© Bible Society of South Africa.

2Jotam het dinge gedoen waarvan die Here hou, soos sy pa Ussia gedoen het, maar hy het nie soos sy pa in die tempel ingegaan nie. Die volk het nog altyd aangehou om slegte dinge te doen.

3Dit is Jotam wat die boonste poort van die tempel gebou het, en hy het baie geboue gebou by die muur van die Ofel.

4Hy het ook die mure van die stede in die Juda-berge sterker gemaak en hy het stede gebou wat sterk mure het en ook torings in die bosse.

5Hy het oorlog gemaak teen die koning van die Ammoniete en hy het gewen. Die Ammoniete moes daardie jaar 100 talente silwer en 10 000 kor koring en 10 000 kor gars vir hom gee, en die volgende jaar en die jaar daarna moes hulle dit ook gee.

6Jotam se leër het sterk geword omdat hy reg gelewe het voor sy God die Here.

Jotam sterf

(Kyk ook 2 Kon 15:38)

7Die ander dinge wat met Jotam gebeur het, al sy oorloë en hoe hy gelewe het, is geskryf in die Boek van die Konings van Israel en Juda.

8Jotam was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 16 jaar lank koning in Jerusalem.

9Jotam het gesterf, en hulle het hom begrawe in die Dawidstad. Sy seun Agas het koning geword ná hom.

2 Kronieke 28

Agas

(Kyk ook 2 Kon 16:1-18)

1Agas was 20 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 16 jaar lank koning in Jerusalem. Sy voorvader Dawid het dinge gedoen waarvan die Here hou, maar Agas het nie gedoen soos sy voorvader Dawid nie.

2Agas het verkeerd gelewe soos die konings van Israel en hy het ook beelde laat maak van die Baäls.

3Agas het ge-offer in die Ben-Hinnom-vallei en hy het sy seuns verbrand. Hy het dinge gedoen wat die Here gehaat het. Die volke wat voorheen in die land gewoon het, het dieselfde dinge gedoen, en die Here het hulle weggejaag sodat die Israeliete in die land kon woon.

4Agas het ge-offer en hy het wierook gebrand op die offer-plekke en op die heuwels en onder elke groen boom.

5Toe het sy God die Here vir Agas laat verloor in die oorlog teen die koning van Aram. Die koning het hom oorwin en hy het baie van Agas se mense gevang en weggevat

© Bible Society of South Africa.

na Damaskus. Die Here het vir Agas ook laat verloor teen koning Peka van Israel. Peka het hom heeltemal oorwin.

6Peka seun van Remalja het in Juda 120 000 mense op een dag laat doodmaak, hulle was almal belangrike mense. Peka het hulle laat doodmaak omdat hulle die Here, die God van hulle voorvaders, gelos het.

7Sikri was ’n sterk man van die Efraim-stam. Hy het vir prins Maäseja doodgemaak, en ook vir Asrikam, die hoof van die paleis, en vir Elkana, die onderkoning.

8Die mense van Israel het 200 000 mense van hulle broer-volk Juda gevang en weggevat, dit was ook vroue, seuns en dogters. Hulle het ook baie goed van die Judeërs gevat en hulle het dit na die stad Samaria geneem.

9Maar daar was ’n profeet van die Here, sy naam was Oded. Hy het gaan staan voor die leër wat teruggekom het na Samaria en hy het vir hulle gesê: “Luister, die Here, die God van julle voorvaders, het julle laat wen teen Juda omdat Hy kwaad is vir hulle. Maar julle het aangehou om daardie mense te vermoor, en hulle bloed roep vir God en vra dat Hy julle moet straf.

10En nou wil julle hierdie mense van Juda en Jerusalem julle slawe en slavinne maak! Nee, julle het self al klaar baie sonde gedoen teen julle God die Here!

11Luister nou na my en bring die gevangenes terug, hulle is julle familie en julle het hulle gevang. As julle die gevangenes nie terugbring nie, dan sal die Here ook vir júlle kwaad word.”

12Party leiers van die Efraim-stam het gepraat met die manne wat teruggekom het van die oorlog. Die leiers was Asarja seun van Joganan, Berekja seun van Mesillemot, Hiskia seun van Sallum, en Amasa seun van Gadlai. Hulle het die manne gekeer wat teruggekom het

13en vir hulle gesê: “Julle moenie die gevangenes hiernatoe bring nie. Ons het al klaar baie sonde gedoen teen die Here, en julle wil dit nou nog meer maak. Die Here sal baie kwaad word vir Israel.”

14Die manne het toe die gevangenes en die goed wat hulle gevat het, gelos by die amptenare en by die volksvergadering.

15Die amptenare en die volksvergadering het manne gekies en aangestel, en die manne het die gevangenes gehelp. Party gevangenes het nie klere gehad nie, en die manne het vir hulle klere en skoene gegee, dit was van die goed wat die leër gevat en saamgebring het. Hulle het ook vir die gevangenes kos en water gegee en hulle het die gevangenes met olyf-olie ingevryf. Hulle het die gevangenes wat baie swak was, op donkies laat ry en hulle het die gevangenes gebring na Jerigo, die Palmstad, in Juda. Die gevangenes was toe terug by hulle eie volk. Daarna het die manne teruggegaan na Samaria.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16In daardie tyd het koning Agas vir die konings van Assirië gevra om hom te help.

17Die Edomiete het weer gekom en hulle het die Judeërs oorwin. Hulle het gevangenes weggevat.

18Die Filistyne het stede in die Laeveld en die Suid-land van Juda aangeval. Hulle het die stede Bet-Semes en Ajalon oorwin, en ook Gederot, Soko, Timna en die stede daar naby, en ook Gimso en die stede daar naby, en hulle het daar gaan woon.

19Dit het gebeur, want die Here wou vir Juda verneder, Hy wou dit doen omdat koning Agas van Juda verkeerd gedoen het. Koning Agas het die mense van Juda laat doen wat hulle wil en hy was baie ontrou aan die Here.

20Koning Tiglat-Pileser van Assirië het gekom, maar hy was téén Agas. Hy het Agas nóg swaarder laat kry, hy het hom nie gehelp nie.

21Ja, Agas het alles in die tempel en in die paleis gevat en ook alles wat aan die amptenare behoort het. Hy het dit vir die koning van Assirië gegee, maar dit het niks gehelp nie.

22Toe dit sleg gegaan het met Agas, het hy, hierdie koning Agas, nog meer ontrou geword aan die Here.

23Hy het offers gebring vir die gode van die mense van Damaskus wat hom oorwin het. Hy het gesê: “Die gode van die konings van Aram het daardie konings gehelp. Ek sal vir húlle offers bring, dan sal hulle my ook help.” Maar toe Agas vir daardie gode ge-offer het, het dit met hom en al die mense van Israel nóg slegter gegaan.

24Agas het die gereedskap van die tempel bymekaargemaak en hy het dit stukkend geslaan. Hy het die deure van die tempel toegesluit en hy het vir hom altare laat maak op elke straathoek in Jerusalem.

25Hy het in elke stad van Juda offer-plekke gebou om vir ander gode offers te verbrand. Hy het die Here, die God van sy voorvaders, baie hartseer gemaak.

Agas sterf

(Kyk ook 2 Kon 16:19-20)

26Die ander dinge wat met Agas gebeur het en alles wat hy gedoen het, is geskryf in die Boek van die Konings van Juda en Israel.

27Agas het gesterf, en hulle het hom begrawe in die stad, in Jerusalem. Ja, hulle het hom nie begrawe in die grafte waar hulle die konings van Israel begrawe het nie. Sy seun Hiskia het koning geword ná hom.

2 Kronieke 29

Hiskia

(Kyk ook 2 Kon 18:1-2)

© Bible Society of South Africa.

[1]Hiskia het koning geword toe hy 25 jaar oud was, en hy was 29 jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Abija dogter van Sagaria.

[2]Hiskia het dinge gedoen waarvan die Here hou, hy het alles gedoen soos sy voorvader Dawid gedoen het.

Hiskia sê hulle moet die tempel reinig

[3]Hiskia het die deure van die tempel laat oopmaak en hy het die gebou laat regmaak. Hy het dit laat doen in die eerste maand van die eerste jaar nadat hy koning geword het.

[4]Hy het die priesters en die Leviete laat kom en hy het hulle op die oop stuk grond oos van die tempel laat bymekaarkom.

[5]Hy het vir hulle gesê: “Leviete, luister na my. Julle moet julleself nou wy en julle moet die tempel van die God van julle voorvaders wy. Julle moet alles wat onrein is, uit die tempel bring,

[6]want ons voorvaders was ontrou, hulle het dinge gedoen waarvan ons God die Here nie hou nie. Hulle het Hom gelos, hulle het gemaak of hulle nie die woonplek van die Here sien nie, hulle het hulle rug gedraai na die tempel.

[7]Hulle het ook die deure van die voorportaal van die tempel toegesluit en hulle het die lampe doodgeblaas. Hulle het nie wierook gebrand nie en hulle het nie brand-offers gebring by die tempel van die God van Israel nie.

[8]Daarom het die Here kwaad geword vir die mense van Juda en Jerusalem. Hy het ons baie hard gestraf. Mense wat na ons gekyk het, het begin bewe en het geskrik en gefluit. Julle het dit self gesien.

[9]Julle weet dat ons voorvaders in oorlog gesterf het, en ons seuns, ons dogters en ons vroue het gevangenes geword omdat hulle hierdie sonde gedoen het.

[10]Nou het ek, Hiskia, besluit dat ons ’n verbond moet maak met die Here, die God van Israel, sodat Hy nie meer kwaad sal wees vir ons nie.

[11]Seuns, julle moenie nou wag nie, want die Here het julle gekies om voor Hom te staan en vir Hom te werk. Julle moet sy dienaars en sy priesters wees.”

[12]Toe het hierdie Leviete vorentoe gekom: Magat seun van Amasai en Joël seun van Asarja van die Kehat-familie, Kis seun van Abdi en Asarja seun van Jehallelel van die Merari-familie, Joag seun van Simma en Eden seun van Joag van die Gerson-familie,

[13]Simri en Joël van die Elisafan-familie, Sagaria en Mattanja van die Asaf-familie,

[14]Jegiël en Simi van die Heman-familie, Semaja en Ussiël van die Jedutun-familie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Hulle het dadelik die ander Leviete bymekaargeroep. Hulle het hulleself gewy en
toe het hulle gegaan om die tempel te reinig. Hulle het dit gedoen soos die Here
gesê het en soos die koning gesê het.

16Die priesters het in die tempel ingegaan om die tempel te reinig. Hulle het al die
onrein dinge geneem wat hulle in die tempel gekry het, en hulle het dit na die oop
stuk grond by die tempel gebring. Die Leviete het dit geneem en hulle het dit na die
Kedron-vallei buite die stad gebring.

17Hulle het begin om die tempel te wy op die eerste dag van die eerste maand. Hulle
het op die agste dag in die voorportaal van die tempel gekom. Toe het hulle nog ag
dae lank die tempel gewy. Hulle was klaar op die sestiende dag.

18Daarna het hulle na koning Hiskia toe gegaan en vir hom gesê: “Ons het die hele
tempel gereinig en ook die brandoffer-altaar en die tafel vir die offer-brood en die
gereedskap wat daarby moet wees.

19Ons het ook al die goed gereinig wat koning Agas nie daar wou hê nie, daardie tyd
toe hy koning was en toe hy ontrou was aan die Here. Dit is alles daar by die altaar
van die Here.”

Hiskia en die volk begin weer die tempel gebruik

20Hiskia het die volgende oggend vroeg die leiers van die stad bymekaargeroep en
hulle het na die tempel gegaan.

21Hulle het sewe bulle, sewe skaap-ramme en sewe lammers gebring vir die brand-
offer, en ook sewe bok-ramme. Dit was ’n sonde-offer vir die koning en vir die
tempel en vir die mense van Juda. Die koning het vir die priesters van die nageslag
van Aäron gesê hulle moet die diere offer op die altaar van die Here.

22Hulle het eers die bulle geslag en toe die skaap-ramme en daarna die lammers.
Hulle het elke maal die bloed teen die altaar gespat.

23Toe het hulle die bokke vir die sonde-offer gebring na die koning en
die volksvergadering, en hulle het hulle hande op die bokke gesit.

24Daarna het die priesters die bokke geslag en hulle het die sonde-offer gebring met
die bloed van die bokke. Hulle het dit gedoen om versoening te doen vir al die
Israeliete, want die koning het gesê die brand-offer en die sonde-offer is offers van al
die Israeliete.

25Die koning het toe gesê die Leviete moet gereedstaan by die tempel. Hulle
het simbale en harpe en liere by hulle gehad. Dawid en die siener Gad en
die profeet Natan het lank gelede gesê hulle moet dit doen, want die Here het toe sy
profete gestuur om dit te sê.

26Die Leviete het gereedgestaan met die musiek-instrumente wat Dawid laat maak
het, en die trompette was in die priesters se hande.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Hiskia het gesê die priesters moet die brand-offer op die altaar aan die brand steek, en toe hulle begin offer, het hulle die lied van die Here begin sing en hulle het die trompette geblaas. Hulle het op die musiek-instrumente van koning Dawid van Israel gespeel.

28Die hele volksvergadering het gebuig, en die Leviete het gesing en die priesters het die trompette geblaas totdat hulle klaar ge-offer het.

29Toe hulle die brand-offer klaar ge-offer het, het die koning en almal wat by hom was, op hulle knieë gaan staan en hulle het gebuig met hulle gesigte teen die grond.

30Koning Hiskia het vir die leiers van die Leviete gesê hulle moet die Here prys met die liedere van Dawid en die siener Asaf. Hulle was bly en hulle het dit gedoen. Toe het hulle op hulle knieë gaan staan en hulle het gebuig met hulle gesigte teen die grond.

31Hiskia het daarna vir die mense gesê: “Julle het julleself nou aan die Here gewy. Kom, bring nou dank-offers om dankie te sê vir die tempel.” Die volk het dank-offers gebring, en almal wat ook brand-offers wou bring, het dit gedoen.

32Die brand-offers wat hulle gebring het, was 70 beeste, 100 skaap-ramme en 200 lammers. Dit was alles brand-offers vir die Here.

33Die gewyde presente was 600 beeste en 3 000 skape en bokke.

34Daar was toe ’n probleem: Daar was te min priesters om al die diere vir die brand-offer klaar te slag. Die Leviete was van dieselfde stam as die priesters, en hulle het vir die priesters gehelp totdat die werk klaar was en totdat meer priesters hulleself gewy het. Die Leviete was meer gehoorsaam as die priesters, hulle het hulleself gewy.

35Daar was ook baie brand-offers en daar was ook die vet van die ete-offers, en die drank-offers by die brand-offer. So het die volk weer begin om die Here by die tempel te dien.

36Hiskia en die hele volk was bly dat God alles so vir hulle laat gebeur het. Hulle was ook bly omdat dit so vinnig gebeur het.

2 Kronieke 30

Die Paasfees in Jerusalem

1Hiskia het boodskappers gestuur na al die mense van Israel en Juda, en hy het ook briewe geskryf vir die mense van die lande Efraim en Manasse. Hiskia het gesê hulle moet na die tempel in Jerusalem kom om die Paasfees van die Here, die God van Israel, te vier.

2Die koning en sy amptenare en die hele volksvergadering in Jerusalem het besluit om die Paasfees in die tweede maand te vier.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Hulle kon dit nie op die regte tyd vier nie, want daar was nie genoeg priesters wat hulleself gewy het nie en die mense was ook nie bymekaar in Jerusalem nie.

4Die koning en die volksvergadering het gedink dit is reg om dit so te doen.

5Hulle het besluit om ’n boodskap te stuur deur die hele land Israel, van die stad Berseba in die suide tot by die stad Dan in die noorde. Hulle het gesê dat die mense moet kom om die Paasfees in Jerusalem te vier vir die Here, die God van Israel, want min mense het voor hierdie tyd die Paasfees gevier soos dit in die Here se wette geskryf is.

6Die hardlopers het deur die hele land Israel en Juda gegaan met briewe van die koning en die amptenare. Die hardlopers het die boodskap van die koning vir die mense gebring. In die briewe was daar geskryf: “Israeliete, julle moet terugkom na die Here toe. Hy is die God van Abraham, Isak en Israel. Dan sal Hy terugkom na julle toe, julle wat oorgebly het en wat vry weggekom het van die konings van Assirië.

7Julle moenie soos julle voorvaders en soos die ander Israeliete wees nie, hulle was ontrou aan die Here, die God van hulle voorvaders. Julle het self gesien dat Hy hulle baie swaar gestraf het.

8Julle moenie nou hardkoppig wees soos julle voorvaders nie, julle moet doen wat die Here wil hê. Julle moet na sy tempel kom wat Hy vir altyd aan Hom gewy het en julle moet julle God die Here dien. Dan sal Hy ophou om kwaad te wees vir julle.

9Ja, wanneer julle terugkom na die Here, dan sal die mense wat julle familie en julle seuns gevang en weggevat het, jammer wees vir hulle. Hulle sal julle familie laat terugkom na hierdie land. Julle God die Here is genadig en goed vir mense wat swaarkry. As julle terugkom na Hom toe, dan sal Hy nie sy gesig wegdraai nie.”

10Die hardlopers het na al die stede in die lande Efraim en Manasse gegaan. Hulle het tot by die land Sebulon gegaan, maar die mense het vir hulle gelag en gespot.

11Maar party mense van die stamme van Aser en Manasse en Sebulon het hulleself verneder voor die Here en hulle het na Jerusalem gekom.

12God het ook die mense in Juda almal laat besluit om ook te doen wat die Here gesê het, hulle almal het gedoen wat die koning en die amptenare gesê het.

13’n Groot klomp mense het in die tweede maand in Jerusalem bymekaargekom om die Fees van die Ongesuurde Brood te vier. Hulle was ’n baie groot volksvergadering.

14Hulle het dadelik al die ander altare weggevat wat in Jerusalem was en ook al die ander wierook-altare. Hulle het dit in die Kedron-vallei gegooi.

15Op die veertiende dag van die tweede maand het hulle die paas-lammers geslag. Die priesters en die Leviete het toe skaam geword. Hulle het hulleself gewy en hulle het brand-offers ge-offer by die tempel.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Hulle het op hulle plekke gaan staan waar hulle moet staan soos dit geskryf is in die Wette van Moses, die man van God. Die Leviete het die bloed vir die priesters gegee en die priesters het dit teen die altaar gespat.

17Hulle moes dit doen, want baie mense in die volksvergadering het hulleself nie gewy nie en hulle was nie rein nie. Daarom moes die Leviete die paas-lammers slag om die lammers aan die Here te wy.

18Baie van die mense van die stamme Efraim, Manasse, Issaskar en Sebulon het hulleself nie gereinig nie. Ja, hulle het nie die paaslam geëet soos dit geskryf is in die Wette van Moses nie. Maar Hiskia het vir hulle gebid en gesê: “Die Goeie Here sal self versoening doen vir

19elkeen wat vir God, die Here, wil dien. Hy is die God van hulle voorvaders, Hy sal self versoening doen vir elkeen wat hom nie gereinig het soos die wette van die tempel sê nie.”

20Die Here het gedoen wat Hiskia gevra het. Hy het alles vergewe wat die mense verkeerd gedoen het.

21Die Israeliete wat in Jerusalem was, het die Fees van die Ongesuurde Brood sewe dae lank gevier. Hulle het gewys dat hulle baie bly is. Die Leviete en die priesters het elke dag die musiek-instrumente van die tempel gespeel sodat almal dit kon hoor. So het hulle die Here geprys.

22Hiskia het vir die Leviete gesê hy is baie bly dat hulle so goed weet hoe hulle die werk vir die Here moet doen. Die mense het die fees sewe dae lank gevier. Hulle het ete-offers gebring en hulle het dankie gesê vir die Here, die God van hulle voorvaders.

23Daarna het die hele volksvergadering besluit om nog sewe dae lank fees te vier, en hulle was elke dag bly dat hulle dit kon doen,

24want koning Hiskia van Juda het vir die mense 1 000 bulle en 7 000 skape en bokke gegee om te slag. Die amptenare het ook 1 000 bulle en 10 000 skape en bokke gegee. En daar was baie priesters wat hulleself gewy het, daar was meer as genoeg.

25Al die mense van Juda was bly, ook die priesters en die Leviete en al die mense wat van Israel gekom het en die vreemdelinge uit die land Israel wat in Juda gewoon het.

26Al die mense in Jerusalem was baie bly, want daar was nog nie so ’n fees in Jerusalem nie, van die tyd toe Salomo seun van Dawid koning van Israel was.

27Daarna het die priesters en die Leviete opgestaan en hulle het die mense geseën. Die Here het gehoor wat hulle sê, hulle gebed het gekom tot by sy gewyde woonplek in die hemel.

2 Kronieke 31

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Nadat hulle klaar feesgevier het, het al die Israeliete wat daar was, gegaan na die stede van Juda. Hulle het die klip-pale afgebreek en die gewyde pale afgekap en hulle het die offer-plekke en die altare afgebreek in die hele land Juda en Benjamin, en ook in die land Efraim en die land Manasse. Dit was die plekke waar mense vir ander gode ge-offer het. Niks het oorgebly van daardie plekke nie. Daarna het al die Israeliete teruggegaan na hulle stede, elkeen na sy eie grond.

Koning Hiskia sê hoe die priesters en die Leviete moet werk

2Hiskia het die priesters en Leviete in groepe gedeel, elke groep het die werk gekry wat hy moes doen. Die priesters moes brand-offers en ete-offers offer, en die Leviete moes vir hulle help werk. Hulle moes ook vir die Here dankie sê en Hom prys in die poorte van die tempel van die Here.

3Die koning het van sy eie goed gegee vir die brand-offers. Dit was die brand-offers wat hulle in die oggend en in die aand gebring het, die brand-offers op die Nuwemaan-feeste en die ander feeste. Hulle het dit gedoen soos dit in die Wette van Moses geskryf is.

4Hiskia het vir die mense wat in Jerusalem woon, gesê hulle moet vir die priesters en die Leviete alles gee wat hulle nodig het, sodat die priesters en die Leviete kan aanhou om te doen wat die Here wil hê.

5Toe die Israeliete hoor wat hulle moet doen, het hulle die eerste koring gebring wat hulle afgesny het, en ook die eerste wyn en olyf-olie en heuning, die eerste van alles wat hulle uit die grond gekry het. Dit was baie. Hulle het ook die tiendes gebring van alles wat hulle gehad het, en dit was ook baie.

6Die Israeliete en die Judeërs wat in die stede van Juda gewoon het, het ook die tiende van hulle beeste en hulle skape en bokke gebring en die tiende van die goed wat hulle aan hulle God die Here gewy het. Hulle het die goed neergesit, hulle het hope gemaak daarvan.

7Hulle het in die derde maand begin om die hope te maak van al die goed en hulle het dit gedoen tot die sewende maand.

8Toe Hiskia en die amptenare kom en hulle sien al die hope goed, het hulle die Here en sy volk Israel geprys.

9Hiskia het vir die priesters en die Leviete gevra van waar al die hope goed kom.

10Die hoëpriester Asarja was van die Sadok-familie. Hy het vir Hiskia gesê: “Vandat die mense begin het om die offers na die tempel te bring, het ons meer as genoeg om te eet, en daar het baie oorgebly, want die Here het sy volk geseën. Al hierdie hope goed het oorgebly.”

11Hiskia het gesê hulle moet stoorkamers by die tempel bou, en hulle het dit gedoen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Die mense het aangehou om die offers en tiendes en gewyde presente te bring. Die Leviet Konanja moes kyk dat hulle alles reg bêre, en sy broer Simi het hom gehelp.

13Die koning en Asarja, die hoof van die tempel, het vir Konanja en Simi gekies en aangestel. Hulle het ook vir Jegiël, Asasja, Nagat, Asael, Jerimot, Josabad, Eliël, Jismakja, Magat en Benaja aangestel om hulle te help.

14Die Leviet Kore seun van Jimna was die wag by die oos-poort. Hy moes die presente neem wat die mense self besluit het om vir die Here te bring. Hy moes die offers uitdeel wat die priesters moet kry en hy moes ook die hoog-gewyde presente uitdeel.

15En Eden, Minjamin, Jesua, Semaja, Amarja en Sekanja moes hom help om die presente uit te deel in die stede waar die priesters gewoon het. Hulle het dit gegee vir die groepe priesters en Leviete, vir die oumense en vir die jongmense. Hulle moes aanhou om dit uit te deel,

16ook vir die priesters en die Leviete wat drie jaar en ouer was, almal wie se name in die naamlys geskryf is, en wat later na die tempel moes kom om daar in hulle groepe die werk te doen wat hulle elke dag moes doen.

17Hulle het die priesters se name in die naamlys geskryf, en hulle het ook geskryf aan watter familie die priesters behoort, maar hulle het die name van die Leviete wat 20 jaar en ouer was, geskryf by die groepe waar hulle gewerk het.

18Hulle het die name van almal in die priester-families geskryf in die naamlys, ook die name van die babatjies, die vroue, die seuns en die dogters. Maar net die mense wat aangehou het om hulleself te wy, kon in die tempel werk.

19Daar was priesters van die nageslag van Aäron wat buite elke stad in die weivelde was. Die koning het mans gekies en aangestel om vir hierdie priesters die presente te gee wat hulle moes kry. Hulle moes dit gee vir elke man of seun van die priesters en vir elke Leviet wie se naam in die naamlys geskryf was.

20Hiskia het gesê hulle moet dit in die hele land Juda doen. Hy het aangehou om goeie dinge te doen. Hy het die regte dinge gedoen waarvan sy God die Here hou.

21Hy het alles met sy hele hart gedoen, alles wat hy wou doen om sy God te dien, om die werk by die tempel te doen en om gehoorsaam te wees aan die wette en gebooie van sy God. En dit het goed gegaan met Hiskia.

2 Kronieke 32

Die koning van Assirië kom in die land Juda

(Kyk ook 2 Kon 18:13-19:37; Jes 36:2-22)

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Nadat koning Hiskia dit alles gedoen het en gewys het dat hy wil doen wat die Here
wil hê, het koning Sanherib van Assirië gekom. Sanherib het in die land Juda gekom
en hy het sy leër se tente laat opslaan rondom al die stede, want hy wou die stede
se mure afbreek om in te kom.

2Toe Hiskia hoor dat Sanherib gekom het en dat hy oorlog wil maak teen Jerusalem,

3het Hiskia planne gemaak saam met sy amptenare en sy ander offisiere. Hy wou
die water van die fonteine buite die stad toemaak, en sy mense het hom gehelp.

4'n Groot klomp mense het bymekaargekom en hulle het al die fonteine toegemaak
en ook die waterstroom wat deur die vallei in die land vloei. Hulle het gedink:
Wanneer die konings van Assirië hier kom, moet hulle nie water hier kry nie.

5Hiskia het vinnig gewerk en hy het die hele muur wat koning Joas van Israel laat
afbreek het, weer gebou en hy het torings bo-op die muur gebou en hy het nog 'n
muur buite daardie muur gebou. Hy het ook die terras van die Dawidstad sterker
laat maak en hy het baie spiese en skilde laat maak.

6Hy het offisiere gekies en aangestel om sy manne te lei en hy het hulle laat
bymekaarkom by hom op die oop stuk grond by die poort van die stad. Hy het met
hulle gepraat en gesê:

7"Julle moet sterk en dapper wees. Julle moenie bang wees en skrik vir die koning
van Assirië en vir die klomp soldate by hom nie, want daar is meer by ons as by hom.

8Hy het net mense om hom te help, maar ons God die Here is by ons. Ons God sal
ons help en Hy sal ons oorloë vir ons veg." Die manne het weer sterk en dapper
gevoel nadat koning Hiskia van Juda met hulle gepraat het.

9Later het koning Sanherib van Assirië boodskappers gestuur na koning Hiskia en na
al die mense van Juda wat in Jerusalem was. Sanherib en sy hele leër was by die stad
Lakis. Die boodskappers het kom sê:

10"Koning Sanherib van Assirië sê: Wie dink julle sal vir julle help? Julle bly sit in
Jerusalem agter die mure, maar

11Hiskia bedrieg julle. Hy sê: 'Ons God die Here sal ons red van die koning van
Assirië,' maar dit is nie waar nie. Hiskia wil julle laat sterf van honger en dors.

12Dit was hierdie Hiskia wat die offer-plekke en die altare van die Here laat wegvat
het en hy het vir die mense van Juda en Jerusalem gesê: 'Julle mag die Here net by
hierdie een altaar dien en julle moet op hierdie altaar offer.'

13Julle weet wat ek en die konings wat vóór my regeer het, gedoen het met die
mense van ander lande. Die gode van daardie lande kon nie die mense red van my
nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Die konings vóór my het volke heeltemal verwoes, en hulle gode kon hulle nie red nie. Julle God kan julle ook nie red van my nie.

15Daarom, julle moenie dat Hiskia julle so bedrieg nie. Julle moenie vir hom glo nie, want daar is nie een god van enige volk en land wat sy mense kon red van my en van die konings vóór my nie. Julle God sal julle ook nie kan red van my nie."

16Die boodskappers van Sanherib het nog meer dinge gesê teen die Here God en teen sy dienaar Hiskia.

17Sanherib het ook briewe geskryf en hy het die Here, die God van Israel, in die briewe beledig, hy het teen die Here gepraat. Hy het geskryf: "Die gode van ander volke kon nie hulle mense red van my nie, en so sal die God van Hiskia ook nie sy mense kan red van my nie."

18Die boodskappers van Sanherib het hard geskree vir die mense van Jerusalem wat op die mure was. Hulle het in die Judeërs se taal geskree. Die boodskappers wou die mense bangmaak en laat skrik sodat die Assiriërs die stad kan oorwin.

19Hulle het oor die God van Jerusalem gepraat soos hulle gepraat het oor die gode van die ander volke op die aarde. Maar mense het daardie gode gemaak.

20Koning Hiskia en die profeet Jesaja seun van Amos het gebid. Hulle het na die hemel gekyk en gevra dat die Here hulle moet help.

21En die Here het toe 'n engel gestuur wat elke soldaat en offisier en leier in die kamp van die koning van Assirië laat sterf het. Sanherib kon nie doen wat hy wou doen nie. Hy het teruggegaan na sy land, en toe hy 'n eendag in die tempel van sy god ingaan, het een van sy eie seuns hom doodgesteek met 'n swaard.

22So het die Here vir Hiskia en die mense van Jerusalem gered van koning Sanherib van Assirië en van almal by hom. Die Here het sy mense beskerm teen die vyande rondom hulle.

23Baie mense het vir die Here presente gebring na Jerusalem, en hulle het vir koning Hiskia kosbare dinge gebring. Al die volke het van toe af geweet dat hy 'n belangrike koning is.

Hiskia word hoogmoedig, maar hy verneder homself

(Kyk ook 2 Kon 20:1-11)

24In daardie tyd het Hiskia baie siek geword, hy het amper gesterf. Hy het tot die Here gebid, en die Here het met hom gepraat. Die Here het 'n wonderwerk met Hiskia laat gebeur.

25Die Here was goed vir Hiskia, maar Hiskia het nie gedoen wat hy moes doen nie, hy was hoogmoedig. Daarom het die Here kwaad geword vir Hiskia en vir die mense van Juda en Jerusalem.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

26Toe het Hiskia homself verneder en hy het opgehou om hoogmoedig te wees, hy
en die mense van Jerusalem. Die Here het hulle nie gestraf terwyl Hiskia gelewe het
nie, Hy het hulle later gestraf.

Hiskia word baie ryk

27Hiskia het baie ryk geword. Almal het hom gerespekteer. Hy het silwer en goud
bymekaargemaak, en ook edelstene, speserye, skilde en alles wat hy wou hê.

28Hy het stoorkamers laat bou vir die koring en wyn en olyf-olie wat sy mense vir
hom gebring het. Hy het ook blyplekke laat bou vir al sy diere, en skaapkrale vir die
skape en bokke.

29Hy het stede laat bou en hy het groot troppe skape en bokke en beeste gehad. God
het hom baie ryk laat word.

30Dit was hý, hierdie Hiskia, wat die water van die Gihon-fontein toegemaak het. Die
water het by die bokant uitgekom, en Hiskia het die water reguit na die westekant
van die Dawidstad laat vloei. Hiskia het geslaag met alles wat hy gedoen het.

31Die amptenare van Babel het boodskappers na Hiskia toe gestuur, hulle moes vir
hom kom vra oor die wonderwerk in die land. God het toe vir Hiskia alleen gelos om
hom te toets en om uit te vind wat hy dink.

Hiskia sterf

(Kyk ook 2 Kon 20:20-21)

32Die ander dinge wat met Hiskia gebeur het en hoe hy aangehou het om in die Here
te glo, is geskryf in Die Dinge wat die Here vir die Profeet Jesaja seun van Amos
gewys het. Dit is in die Boek van die Konings van Juda en Israel.

33Hiskia het gesterf, en hulle het hom begrawe by die grafte van die konings, waar ’n
mens opgaan na die grafte van die nageslag van Dawid. Al die mense van Juda en
Jerusalem het kom wys dat hulle hom gerespekteer het. Sy seun Manasse het koning
geword ná hom.

2 Kronieke 33

Manasse

(Kyk ook 2 Kon 21:1-18)

1Manasse was twaalf jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 55 jaar lank
koning in Jerusalem.

2Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, dinge wat die Here gehaat het.
Hy het dieselfde dinge gedoen wat die ander volke gedoen het. Die Here het daardie
volke weggejaag sodat die Israeliete in die land kon woon.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Manasse het die offer-plekke weer gebou wat sy pa Hiskia afgebreek het. Hy het altare gebou vir die Baäls en hy het gewyde pale gemaak. Manasse het gebuig vir die son en die maan en voor al die sterre in die lug en hy het hulle gedien.

4Die Here het gesê: “Ek wil altyd woon in Jerusalem,” maar Manasse het ook by die tempel altare gebou.

5Manasse het op die twee oop stukke grond by die tempel altare gebou vir die son en die maan en vir al die sterre in die lug.

6Hy het sy seuns verbrand in die Ben-Hinnom-vallei. Hy het gesê hy kan tekens sien en hy kan sê wat sal gebeur en hy kan toor. Hy het ook gesê hy kan praat met die geeste van mense wat gesterf het, en dat hy weet wat ander mense nie kan weet nie. Manasse het baie dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie en hy het die Here kwaad gemaak.

7Manasse het ’n beeld gemaak, en hy het dit in die tempel gesit. God het voorheen vir Dawid en sy seun Salomo oor daardie tempel gesê: “Ek wil altyd in hierdie tempel en in Jerusalem wees. Ek het hierdie stad gekies uit al die stede van die stamme van Israel.

8Ek sal die Israeliete nie weer laat weggaan van die land wat Ek vir hulle voorvaders gegee het nie, maar dan moet hulle seker maak dat hulle alles doen wat Ek vir hulle gesê het. Hulle moet gehoorsaam wees aan al die wette en reëls wat Ek vir Moses gegee het om vir hulle te gee. Hulle moet alles doen wat Ek besluit het.”

9Manasse het die mense van Juda en Jerusalem verlei om slegte dinge te doen. Hulle het slegter dinge gedoen as die ander volke. Die Here het daardie volke weggejaag sodat die Israeliete in die land kan woon.

10Die Here het met Manasse en sy volk gepraat, maar hulle het nie geluister nie.

11Die Here het toe die offisiere van die leër van die koning van Babel laat kom om oorlog te maak teen die mense van Juda. Die offisiere het yster-hake in Manasse se neus gesit en hulle het hom vasgebind met kettings en hom weggevat na die stad Babel.

12Dit het baie sleg begin gaan met Manasse, en toe het hy sy God die Here gesmeek en hy het homself heeltemal verneder voor die God van sy voorvaders.

13Hy het tot die Here gebid, en die Here was genadig vir hom. Die Here het gedoen wat Manasse gevra het, Hy het hom laat terugkom na Jerusalem en na sy land. Manasse het toe geweet dat dit die Here is wat God is, Hy alleen is God.

14Hierna het Manasse ’n muur buite om die Dawidstad laat bou. Hy het hierdie muur gebou van die Gihon-fontein wes in die vallei tot by die Vis-poort, en rondom die Ofel. Hy het die muur baie hoog gebou. Hy het ook offisiere laat bly in al die stede in Juda wat hoë mure gehad het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Manasse het die gode van die ander volke en die beeld weggevat uit die tempel en hy het al die altare laat afbreek wat hy gebou het op die tempel-berg en in Jerusalem. Hy het hulle weggegooi buite die stad.

16Hy het die altaar van die Here reggemaak en hy het daarop ete-offers en dank-offers ge-offer. Hy het gesê die mense van Juda moet die Here, die God van Israel, dien.

17Die ander mense het nog op die offer-plekke ge-offer, maar hulle het net vir hulle God die Here ge-offer.

18Die ander dinge wat met Manasse gebeur het, is geskryf in die Geskiedenisse van die Konings van Israel. Dit was Manasse se gebed tot sy God, en die woorde van die sieners wat teen hom gepraat het toe die Here, die God van Israel, hulle gestuur het.

19Sy gebed en hoe God genadig was vir hom, is geskryf in die Geskiedenisse van die Sieners. Daarin is ook geskryf van al sy sonde en dat hy ontrou was, van die offer-plekke wat hy laat bou het en die gewyde pale wat hy laat inplant het, en die beelde wat hy laat maak het voordat hy homself verneder het.

20Manasse het gesterf, en hulle het hom begrawe in sy paleis. Sy seun Amon het koning geword ná hom.

Amon

(Kyk ook 2 Kon 21:19-26)

21Amon was 22 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was twee jaar lank koning in Jerusalem.

22Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie, hy het gedoen soos sy pa Manasse in die begin gedoen het. Hy het vir die beelde ge-offer wat sy pa Manasse laat maak het en hy het die beelde gedien.

23Hy het homself ook nie verneder soos sy pa Manasse gedoen het nie. Nee, Amon het nog baie meer verkeerde dinge gedoen.

24 Amptenare van Amon het planne gemaak teen hom en hulle het hom in sy paleis vermoor.

25Die mense van die land het die amptenare doodgemaak wat vir Amon vermoor het, en toe het die mense van die land vir Josia seun van Amon koning gemaak ná hom.

2 Kronieke 34

Josia laat die land skoonmaak

(Kyk ook 2 Kon 22:1; 23:4-19)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[1]Josia was ag jaar oud toe hy koning geword het, en hy was 31 jaar lank koning in Jerusalem.

[2]Josia het dinge gedoen waarvan die Here hou. Hy het gelewe presies soos sy voorvader Dawid.

[3]In die agste jaar nadat Josia koning geword het, het hy begin om die God van sy voorvader Dawid te dien. Josia was toe nog ’n jongman. In die twaalfde jaar nadat hy koning geword het, het hy begin om Juda en Jerusalem skoon te maak, hy het die offer-plekke, gewyde pale, beelde van hout en beelde van metaal afgebreek.

[4]Hy het gesê hulle moet die altare van die Baäls afbreek. Hy het ook die wierook-altare wat bo die altare was, stukkend laat slaan. Hy het die gewyde pale en die beelde van hout en van metaal stukkend laat breek en hy het dit in klein stukkies laat fynstamp. Toe het hy die stukkies laat gooi op die grafte van die mense wat vir die Baäls ge-offer het.

[5]Hy het die bene van die priesters van die Baäls laat verbrand op hulle eie altare. Hy het Juda en Jerusalem skoongemaak, daar was nie meer altare nie.

[6]Hy het gesê hulle moet goed soek in al die tempels in die stede van die stamme Manasse, Efraim en Simeon en tot by Naftali.

[7]Hy het gesê hulle moet al die altare afbreek, die gewyde pale en die beelde fynkap, en hulle moet die wierook-altare stukkend breek. Hy het dit gedoen in die hele land Israel en toe het hy teruggegaan na Jerusalem.

Josia laat die tempel regmaak

[8]In die agtiende jaar nadat Josia koning geword het, en nadat hy die land en die tempel skoongemaak het, het hy vir Safan seun van Asalja, en vir Maäseja die burgemeester, en vir Joag seun van Joahas, gestuur om die tempel van sy God die Here reg te maak. Joag was die hoof van die amptenare.

[9]Hulle het vir die hoëpriester Gilkija die geld gaan gee wat die Leviete bymekaargemaak het. Die Leviete het waggestaan by die deur van die tempel en hulle het die geld gekry van die mense van Manasse en Efraim en die ander stamme van Israel, en ook van die mense van die hele land Juda en Benjamin en van die mense van Jerusalem.

[10]Die amptenare en die hoëpriester het toe die geld gegee vir die mense wat moes kyk dat die werkers die tempel regmaak, en hierdie mense het die geld gebruik om die mense te betaal wat die tempel moes regmaak.

[11]Hulle het die geld gegee vir die ambagsmanne en vir die bouers om gekapte klippe te koop en ook hout vir die dak-kappe en balke. Hulle moes dit in die geboue sit, want die konings van Juda het nie die geboue opgepas en reggemaak nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Die ambagsmanne het die werk gedoen wat hulle moes doen. Die Leviete wat moes kyk dat hulle die werk reg doen, was Jagat en Obadja van die Merari-familie, en Sagaria en Mesullam van die Kehat-familie. Elke Leviet wat geweet het hoe om die musiek-instrumente te speel,

13het ook gekyk dat die manne wat die goed moes dra, hulle werk doen, en hulle het gesê hoe die werkers al die werk moet doen. Party Leviete was sekretarisse en voormanne en poortwagte.

Die wetboek

(Kyk ook 2 Kon 22:3-23:1)

14Toe hulle die geld uithaal wat die mense na die tempel gebring het, het die hoëpriester Gilkija die wetboek gekry wat die Here vir Moses gegee het.

15Gilkija het toe vir Safan gesê: “Ek het die wetboek in die tempel gekry.” En Gilkija het die boek vir Safan gegee.

16Safan het die boek na die koning toe gebring, en hy het ook vir die koning gesê: “Jou mense is besig om al die werk te doen wat hulle moet doen.

17Hulle het al die geld uitgehaal wat hulle in die tempel kon kry en hulle het dit gegee vir die werkers en hulle hoofde.”

18Die sekretaris Safan het vir die koning vertel dat die priester Gilkija vir hom ’n boek gegee het en hy het vir die koning gelees wat daarin geskryf is.

19Toe die koning hoor wat in die wette geskryf is, het hy sy klere geskeur

20en hy het vir Gilkija en Agikam seun van Safan, en vir Abdon seun van Miga, en vir die sekretaris Safan en vir sy hoof-amptenaar Asaja gesê:

21“Julle moet vir die Here gaan vra om vir my en vir almal wat nog lewe in Israel en Juda, te sê wat sal gebeur. Vra vir die Here oor die dinge wat geskryf is in die boek wat ons gekry het. Ek dink die Here is baie kwaad vir ons omdat ons voorvaders nie alles gedoen het wat Hy in hierdie boek gesê het nie.”

22Gilkija en die ander manne wat saam met hom gegaan het, het na die profeet Gulda toe gegaan en hulle het vir haar gesê wat die koning gesê het. Gulda was getroud met Sallum seun van Tokhat seun van Gargas. Gulda se man het die klere in die klerekamer van die paleis opgepas en hulle het gewoon in die nuwe deel van Jerusalem.

23Die profeet het vir hulle gesê: “Die Here, die God van Israel, sê: Julle moet vir die man wat vir julle na My toe gestuur het, sê:

24Die Here sê: Ek sal dit sleg laat gaan met hierdie plek en met die mense wat hier woon. Ek sal alles laat gebeur wat geskryf is in die boek wat hulle vir die koning van Juda gelees het.

© Bible Society of South Africa.

25Ek sal dit doen omdat hulle weggegaan het van My, hulle het ander gode gedien.
Ek het kwaad geword oor al die dinge wat hulle gedoen het. Ek sal hierdie plek straf
en Ek sal nie ophou nie.

26-27Die koning van Juda het vir julle gestuur om te vra wat die Here sê. Julle moet vir
die koning gaan sê: Ek, die Here, het gesien dat jy jou voor My verneder het toe jy
hoor wat Ek oor hierdie plek gesê het. Ek het gesien dat jy jou klere geskeur het en
Ek het gehoor hoe jy huil.

28Daarom sal dit goed gaan met jou totdat Ek jou laat sterf en jy begrawe is. Jy sal nie
self sien wanneer Ek dit sleg laat gaan met hierdie plek nie." Gilkija en die ander
mans het vir die koning gaan sê wat die profeet gesê het.

Die verbond

(Kyk ook 2 Kon 23:2-3)

29Toe het die koning gesê al die leiers van Juda en Jerusalem moet bymekaarkom.

30Die koning het na die tempel gegaan. Al die mense van Juda en Jerusalem het
saamgegaan, die priesters en die Leviete en al die ander mense, die grootmense en
kinders. En toe het hy vir hulle hard gelees wat in die verbondsboek geskryf is, die
boek wat hulle in die tempel gekry het.

31Die koning het op sy plek gestaan en hy het 'n verbond gemaak voor die Here. Hy
het belowe om die Here te volg en om gehoorsaam te wees aan alles wat die Here in
sy wette gesê het. Hy het belowe om met sy hele hart en siel te doen wat die
verbond sê wat in hierdie boek geskryf is.

32Die koning het gesê elke persoon in Jerusalem en in die Benjamin-stam moet
belowe dat hy dit ook sal doen, en die mense van Jerusalem het gedoen soos die
verbond van God, die God van hulle voorvaders, sê.

33Josia het al die goed wat die Here haat, laat wegvat uit die Israeliete se
woonplekke. Hy het gesê almal in die land Israel moet hulle God die Here dien. Hulle
het nie opgehou om die Here, die God van hulle voorvaders, te volg nie, so lank soos
Josia gelewe het.

2 Kronieke 35

Die groot Paasfees

(Kyk ook 2 Kon 23:21-23)

1Josia het die Paasfees vir die Here in Jerusalem gevier. Hulle het die paas-lammers
geslag op die veertiende dag van die eerste maand.

2Josia het die priesters gekies en aangestel en elkeen het sy werk gekry wat hy moes
doen. Josia het gesê hulle moet die werk in die tempel goed doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Toe het hy gepraat met die Leviete. Hulle was die leermeesters van die hele Israel, hulle was die gewydes van die Here. Josia het vir hulle gesê: “Julle moet die gewyde kis laat bly in die tempel wat Salomo seun van Dawid, koning van Israel, laat bou het. Julle moenie die kis nou weer op julle skouers dra nie. Julle moet nou ander werk doen vir die Here en sy volk.

4Julle families moet gereedmaak, julle moet saam in julle groepe werk, soos koning Dawid van Israel en sy seun Salomo geskryf het.

5Julle moet by die tempel gaan staan. Daar moet ’n groep Leviete wees by elke groep van die families van die volk.

6Dan moet julle die paas-lammers slag. Julle moet julleself wy en julle moet die ander Israeliete help sodat hulle alles kan doen wat die Here vir Moses gesê het.”

7Josia het self die paas-lammers vir die Israeliete gegee, vir almal wat daar was. Dit was 30 000 skaap-lammers en bok-lammers. Hy het ook 3 000 beeste gegee. Dit was alles van die koning se eie skape en bokke en beeste.

8Sy amptenare het self besluit om diere vir die volk en vir die priesters en die Leviete te gee. Die hoofde van die tempel was Gilkija, Sagaria en Jegiël. Hulle het 2 600 paas-lammers en 300 beeste vir die priesters gegee.

9Konanja en sy broers Semaja en Netanel, en Gasabja, Jeïel en Josabad, was die leiers van die Leviete. Hulle het 5 000 paas-lammers en 500 beeste vir die Leviete gegee.

10Toe hulle gereed was om die werk te doen, het die priesters op hulle plekke gaan staan, en die Leviete het in hulle groepe gaan staan. Hulle het gedoen soos die koning gesê het.

11Toe het hulle die paas-lammers begin slag. Die Leviete het die diere se velle afgeslag en hulle het die bloed vir die priesters gegee. Die priesters het die bloed gesprinkel.

12Hulle het die dele van die skape wat hulle moes verbrand, apart gesit om dit uit te deel vir die familie-groepe van die volk. Die familie-groepe kon dit dan vir die Here offer soos geskryf is in die Boek van Moses. Hulle het dieselfde gedoen met die beeste.

13Hulle het die paas-lammers op kole gebraai soos hulle dit moes doen, en hulle het die vleis wat gewyde presente was, gekook in potte, in bakke en panne, en hulle het dit dadelik na die mense toe geneem.

14Daarna het die Leviete vir hulleself en vir die priesters vleis gaargemaak, want die priesters was tot laat in die nag besig om die brand-offers en die vet van die ander offers te offer. Daarom moes die Leviete vleis gaarmaak vir hulleself en vir die priesters.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Die mense van die Asaf-familie wat moes sing, het op hulle plekke gestaan soos Dawid gesê het, ook Asaf en Heman en Jedutun, die siener van die koning. Elke poortwag was by die poort waar hy moes wees. Hulle het nie weggegaan van die plek waar hulle werk nie, hulle kon daar bly, want die ander Leviete het vir hulle vleis gaargemaak.

16Almal het daardie dag die werk van die Here gedoen. Hulle het die Paasfees gevier en die offers gebring wat hulle op die altaar van die Here moes verbrand, soos koning Josia gesê het.

17Die Israeliete wat in Jerusalem was, het die Paasfees en die Fees van die Ongesuurde Brood daardie tyd sewe dae lank gevier.

18Dit was ’n groot fees. Van die tyd toe die profeet Samuel gelewe het, het hulle die Paasfees nie só in die land Israel gevier nie! Nie een van die konings van Israel het die Paasfees gevier soos Josia dit gedoen het nie, Josia saam met die priesters en die Leviete en al die mense van Juda en die mense van Israel wat daar was en die mense van Jerusalem.

19Hulle het hierdie Paasfees gevier in die agtiende jaar nadat Josia koning geword het.

Josia sterf

(Kyk ook 2 Kon 23:28-30)

20Ná al hierdie dinge, toe Josia die tempel klaar reggemaak het, het koning Neko van Egipte gegaan om oorlog te maak by die stad Karkemis, by die Eufraat-rivier. Josia het gegaan om hom te stop.

21Neko het boodskappers gestuur na Josia toe en hulle het vir Josia gesê: “Koning van Juda, ons moenie oorlog maak teen mekaar nie. Ek kom nie vandag om jóú aan te val nie, ek kom om my vyande aan te val. God het gesê ek moet dit gou doen. Jy moenie iets doen teen God wat my stuur nie, Hy sal jou laat sterf.”

22Maar Josia het nie vir Neko gelos nie. Josia het vir Neko gewag om teen hom oorlog te maak. God het vir Neko gesê wat hy moet sê, maar Josia het nie geluister na Neko nie. Josia het teen Neko oorlog gaan maak in die Megiddo-vallei.

23Die soldate van Egipte het vir Josia raakgeskiet met ’n pyl en boog, en Josia het vir sy offisiere gesê: “Julle moet my hier wegneem, want hulle het my raakgeskiet, ek het baie seer gekry.”

24Die offisiere het vir Josia afgehaal van die oorlogkar en hulle het hom laat ry op ’n ander oorlogkar. Hulle het hom na Jerusalem gebring. Hy het gesterf, en hulle het hom begrawe in die graf van sy voorvaders. Al die mense van Juda en Jerusalem het gerou oor Josia.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Jeremia het ’n klaaglied gemaak oor Josia, en tot vandag toe sing die mans en vroue wat sing,

Klaagliedere oor Josia. Hulle het gesê die Israeliete moet dit altyd doen. Die liedere is geskryf in Die Treurliedere-boek.

26Die ander dinge wat Josia gedoen het, die dinge wat hy aangehou het om te doen soos dit geskryf is in die Wette van die Here,

27die dinge van voorheen en van later, dit is alles geskryf in die Boek van die Konings van Israel en Juda.

2 Kronieke 36

Joahas

(Kyk ook 2 Kon 23:30-34)

1Die mense van die land het vir Joahas seun van Josia geneem en hulle het hom koning gemaak in Jerusalem ná sy pa.

2Joahas was 23 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was drie maande lank koning in Jerusalem.

3Maar toe het die koning van Egipte vir Joahas gevang en hy het ’n ander koning gekies in Joahas se plek. Hy het gesê die mense van die land moet boete betaal. Hulle moes 100 talente silwer en een talent goud betaal.

4Die koning van Egipte het Joahas se broer Eljakim koning gemaak van Juda en van Jerusalem en hy het Eljakim se naam verander, die koning het vir hom die naam Jojakim gegee. Neko het Jojakim se broer Joahas na Egipte geneem.

Jojakim

(Kyk ook 2 Kon 23:35-24:7)

5Jojakim was 25 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was elf jaar lank koning in Jerusalem. Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie.

6Koning Nebukadnesar van Babel het gekom en hy het vir Jojakim aangeval en hom gevang. Hy het vir Jojakim vasgemaak met kettings en na Babel geneem.

7Nebukadnesar het ook party van die goed wat in die tempel was, na Babel geneem en hy het dit daar in sy paleis gesit.

8Die ander dinge wat Jojakim gedoen het, die dinge wat hy gedoen het wat die Here gehaat het, en die dinge wat met hom gebeur het, dit is geskryf in die Boek van die Konings van Israel en Juda. Sy seun Jojagin het koning geword ná hom.

Jojagin

(Kyk ook 2 Kon 24:7-12)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Jojagin was ag jaar oud toe hy koning geword het, en hy was drie maande en tien dae lank koning in Jerusalem. Hy het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie.

10Toe dit lente was, het koning Nebukadnesar gesê hulle moet vir Jojagin gaan haal en na Babel bring. Hulle moet ook die kosbare goed van die tempel saambring. Nebukadnesar het toe vir Sedekia, Jojagin se broer, koning gemaak.

Sedekia

(Kyk ook 2 Kon 24:18-25:26; Jer 39:1-10; 52:1-30)

11Sedekia was 21 jaar oud toe hy koning geword het, en hy was elf jaar lank koning in Jerusalem.

12Hy het dinge gedoen waarvan sy God die Here nie hou nie, en hy het homself nie verneder toe die profeet Jeremia vir hom gesê het wat die Here sê nie.

13Hy het belowe dat hy sal doen wat koning Nebukadnesar sê en hy het gesê God moet die getuie wees, maar hy was opstandig teen Nebukadnesar. Sedekia was hardkoppig, hy wou nie sy lewe verander en terugkom na die Here, die God van Israel, nie.

14Die leiers van die priesters en die volk het meer en meer ontrou geword aan die Here, hulle het gedoen soos die ander volke, hulle het dinge gedoen wat die Here haat. Hulle het die tempel in Jerusalem ontwy, die tempel wat die Here aan Homself gewy het.

15Die Here, die God van hulle voorvaders, het aangehou om sy boodskappers na hulle toe te stuur, want Hy wou graag genadig wees vir sy volk en sy woonplek.

16Maar hulle het gelag vir die boodskappers van God. Hulle het gedink God se boodskappe is nie belangrik nie, hulle het sy profete gespot. Die Here het later so kwaad geword vir sy volk dat Hy hulle nie weer wou red nie.

17Die Here het die koning van die Galdeërs gestuur om die mense van Juda aan te val. Hy het hulle jongmanne by hulle gewyde tempel doodgemaak. Hy het niemand vry laat wegkom nie, hy het die jongmanne en jongmeisies, die oumense en swak mense en siek mense doodgemaak. Die Here het hulle almal vir Nebukadnesar gegee.

18Nebukadnesar het al die goed in die tempel na Babel geneem, die groot goed en klein goed, en ook alles in die stoorkamers van die tempel en in die stoorkamers van die koning en sy amptenare.

19Hulle het die tempel afgebrand en hulle het die muur van die stad Jerusalem afgebreek. Hulle het die mooi huise afgebrand en hulle het alles verwoes wat kosbaar is.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Nebukadnesar het die mense wat hy nie doodgemaak het nie, gevang en weggevat
na Babel. Hulle was slawe vir hom en vir die konings ná hom totdat die konings van
Persië begin het om te regeer.

21So het gebeur wat die Here gesê het toe Hy die profeet Jeremia gestuur het. Die
Here het gesê: “Die land sal verwoes bly totdat genoeg Sabbatdae verbygegaan het.
Dit sal een lang rustyd van 70 jaar word.”

Koning Kores sê dat die mense van Juda mag teruggaan

(Kyk ook Esra 1:1-4)

22Dit was in die eerste jaar nadat Kores die koning van Persië geword het. Die Here
het voorheen vir Jeremia gestuur en gesê wat sal gebeur. Dit het nou gebeur. Die
Here het vir Kores laat besluit om ’n boodskap te stuur na al die mense wie se koning
hy was. Die boodskap was ook in briewe wat hy gestuur het. Hy het gesê:

23“Koning Kores van Persië sê: Die Here, die God van die hemel, het vir my al die
lande op die aarde gegee en Hy het vir my gesê ek moet ’n tempel laat bou in die
stad Jerusalem in die land Juda. Enige iemand van julle wat aan die volk van die Here
behoort, mag teruggaan na Jerusalem. Ek bid dat sy God die Here by hom sal wees.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Esra

Esra 1

Koning Kores van Persië sê dat die mense van Juda mag teruggaan

(Kyk ook 2 Kron 36:22-23)

1 Die Here het voorheen vir Jeremia gestuur om te sê dat iets sal gebeur, en dit het
nou gebeur. Dit was in die eerste jaar nadat Kores die koning van Persië geword het.
Die Here het vir Kores laat besluit om ’n boodskap te stuur na al die mense in die
lande waar hy koning was. Hy het die boodskap ook in briewe geskryf en dit gestuur.
Hy het gesê:

2 Koning Kores van Persië sê: Die Here, die God van die hemel, het vir my al die lande
op die aarde gegee en Hy het vir my gesê ek moet ’n tempel laat bou in die stad
Jerusalem in die land Juda.

3 Al die mense van die Here mag teruggaan na Jerusalem. Ek bid dat hulle God die
Here by hulle sal wees. Hulle mag teruggaan en hulle mag die tempel van die Here
weer bou, die tempel van die Here, die God van Israel. Die Here is die God wat in
Jerusalem is.

4 Daar is plekke waar daar nog Judeërs woon. Die mense van daardie plekke moet die
Judeërs help. Hulle moet vir die Judeërs silwer en goud en goed en diere present
gee, en ook ander dinge wat hulle self wil gee vir die tempel in Jerusalem.

Sesbassar neem die mense terug na Jerusalem

5 Die familiehoofde van Juda en Benjamin, die priesters en Leviete, het toe
gereedgemaak. God het ook ander mense laat besluit om die tempel in Jerusalem
weer te gaan bou, en hulle het ook gereedgemaak om te gaan.

6 Al die bure van die Israeliete het vir hulle silwergoed en goue goed gegee, en ander
goed en diere en kosbare presente, en ook nog enige iets wat hulle self besluit het
om te gee.

7 Koning Kores het die gereedskap van die tempel uitgehaal. Nebukadnesar het dit
voorheen uit Jerusalem gebring en in die tempel van sy gode gesit.

8 Koning Kores van Persië het die goed vir Mitredat gegee. Mitredat was die man wat
met die geld gewerk het. Hy het alles getel en hy het dit vir Sesbassar, die leier van
die Juda-stam, gegee.

9 Hier is ’n lys van die goed wat hy gegee het: 30 goue skottels, 1 000 silwer skottels,
nog 29 ander skottels,

10 30 goue bakke, 410 silwer bakke, en 1 000 ander stukke gereedskap.

© Bible Society of South Africa.

11Daar was alles saam 5 400 goue goed en silwergoed. Sesbassar het alles saamgeneem toe hy die Judeërs uit Babel na Jerusalem gebring het.

Esra 2

Die mense wat teruggekom het saam met Serubbabel

(Kyk ook Neh 7:6-68)

1Hier is ’n lys van die mense van die provinsie Juda wat teruggekom het van Babel. Koning Nebukadnesar van Babel het hulle voorheen weggevat na Babel, en hulle was daar gevangenes. Nou het hulle teruggekom na Jerusalem en Juda, elkeen het teruggekom na sy eie stad.

2Hulle het gekom saam met Serubbabel, en saam met Jesua, Nehemia, Seraja, Reëlaja, Mordegai, Bilsan, Mispar, Bigwai, Regum en Baäna. Hier is ’n lys van die families van die volk Israel wat saamgekom het en hoeveel mense in elke familie was.

3Die families was: Paros, hulle was almal saam 2 172 mans,

4Sefatja 372,

5Arag 175

6Pagat 2 812, dit was die Jesua-familie en die Joab-familie,

7Elam 1 254,

8Sattu 945.

9Sakkai 760,

10Bani 642,

11Bebai 623,

12Asgad 2 222,

13Adonikam 666,

14Bigwai 2 056,

15Adin 454,

16Ater 98, dit was ’n Hiskia-familie,

17Besai 323,

18Jora 112,

19Gasum 223,

20Gibbar 95.

21Daar was ook mense van hierdie stede: Van Betlehem was daar 23 mense,

© Bible Society of South Africa.

22van Netofa 56,

23Anatot 128,

24Asmawet 42,

25Kirjat-Jearim, Kefira en Beërot 743,

26Rama en Geba 621,

27Mikmas 122,

28Bet-El en Ai 223,

29Nebo 52,

30Magbis 156,

31die ander Elam 1 254,

32Garim 320,

33Lod, Gadid en Ono 725,

34Jerigo 345,

35en Senaä 3 630.

36Die priester-families was Jedaja, van die nageslag van Jesua, hulle was 973,

37Immer 1 052,

38Pasgur 1 247

39en Garim 1 017.

40Die Leviete-families was Jesua en Kadmiël, altwee uit die Hodauja-familie, hulle was 74.

41Die mense wat moes sing, was die Asaf-familie, hulle was 128.

42Die poortwagte was die families Sallum, Ater, Talmon, Akkub, Gatita en Sobai, hulle almal saam was 139.

43Die tempel-slawe was die families Siga, Gasufa, Tabbaot,

44Keros, Siaä, Padon,

45Lebana, Gagaba, Akkub,

46Gagab, Samlai, Ganan,

47Giddel, Gagar, Reaja,

48Resin, Nekoda, Gassam,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

49 Ussa, Paseag, Besai,

50 Asna, Meïnim, Nefisim,

51 Bakbuk, Gakufa, Gargur,

52 Baslut, Megida, Garsa,

53 Barkos, Sisera, Temag,

54 Nesiag en Gatifa.

55 Die nageslag van die slawe van Salomo was die families Sotai, Hassoferet, Peruda,

56 Jala, Darkon, Giddel,

57 Sefatja, Gattil, Pokeret-Sebajim en Ami.

58 Die tempel-slawe en die persone van die nageslag van Salomo se slawe was almal saam 392.

59 Daar het ook persone gekom uit die stede Tel-Melag, Tel Garsa, Kerub-Addan en Immer, maar hulle kon nie bewys aan watter families hulle behoort het en wie hulle voorvaders is en dat hulle Israeliete is nie.

60 Dit was 652 persone van die families Delaja, Tobija en Nekoda.

61 Die priester-families was Gobaja, Kos en Barsillai. Barsillai het getrou met ’n dogter van Barsillai van Gilead, en toe het hy homself ook Barsillai genoem.

62 Hierdie families het in die naamlys gesoek, maar hulle kon nie hulle name daar kry nie, daarom kon hulle nie meer priesters wees nie.

63 Die goewerneur het vir hulle gesê hulle mag nie eet van die hoog-gewyde offers nie. Hulle moes wag totdat ’n priester vir die urim en die tummim gevra het wat met hulle moet gebeur.

64 Die mense wat teruggekom het, was almal saam 42 360.

65 Daar was ook nog 7 337 slawe en slavinne en 200 mans en vroue wat moes sing.

66 Hulle het 736 perde, 245 muile,

67 435 kamele en 6 720 donkies gehad.

Die familiehoofde gee geld om die tempel te bou

68 Toe die familiehoofde by die tempel-gronde in Jerusalem kom, het hulle self besluit om geld te gee om die tempel weer te bou op die plek waar dit was.

69 Elke familiehoof het gegee wat hy kon gee om die tempel te bou. Dit was 61 000 goue darieke, 5 000 mines silwer, en rokke vir 100 priesters.

Hulle bou die brandoffer-altaar

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

70Die priesters en die Leviete en party van die ander mense en die mans en vroue wat gesing het en die tempel-slawe het in hulle stede gaan woon, en al die ander Israeliete het in hulle eie stede gaan woon.

Esra 3

1Toe die sewende maand begin, was die Israeliete in die stede. Maar toe het hulle almal bymekaargekom in Jerusalem.

2Jesua seun van Josadak en die ander priesters, en Serubbabel seun van Sealtiël en die ander leiers het begin om die altaar van die God van Israel weer te bou. Hulle wou brand-offers op die altaar offer, hulle wou doen soos die Wette van Moses sê, Moses, die man van God.

3Hulle was bang vir die ander volke in die land, maar hulle het die altaar gebou op die plek waar hy moet wees, en hulle het brand-offers op die altaar gebring vir die Here, die brand-offers in die oggend en die brand-offers in die aand.

4Hulle het die Hutte-fees gevier soos die wette gesê het. Hulle het elke dag al die brand-offers gebring wat hulle moes bring.

5Van toe af het hulle die brand-offers gebring wat hulle elke dag moes bring, ook die offers op die Nuwemaan-feeste en op die ander feeste van die Here, en die offers wat mense self besluit het om te bring.

6Hulle het op die eerste dag van die sewende maand begin om die brand-offers vir die Here te bring, maar toe het hulle nog nie die fondamente van die tempel van die Here gebou nie.

Hulle bou die fondamente van die tempel

7Hulle het geld gegee vir die mans wat klippe moes kap en vir die ander ambagsmanne, en hulle het vir die mense van Sidon en Tirus kos en wyn en olyf-olie gegee sodat hulle sederhout moet bring na die see by die stad Jafo. Koning Kores van Persië het gesê hulle mag dit doen.

8Dit was in die tweede jaar nadat hulle by die tempel-gronde in Jerusalem gekom het. Hulle het toe begin om die tempel te bou, dit was Serubbabel seun van Sealtiël, Jesua seun van Josadak, en die ander mense, die priesters en die Leviete en almal wat gevangenes was en wat teruggekom het na Jerusalem. Hulle het die Leviete wat 20 jaar oud en ouer was, gekies en aangestel om te kyk dat almal die werk aan die tempel reg doen.

9Jesua en die ander priesters, en Kadmiël en die mense wat hom gehelp het, het saam gekyk dat almal die werk aan die tempel reg doen. Hulle was almal Judeërs. Die Genadad-familie het hulle gehelp.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Toe die bouers die fondamente van die tempel klaar gebou het, het die priesters hulle priester-klere aangetrek en hulle het gereedgestaan met trompette. Die Leviete van die Asaf-familie het gereedgestaan met simbale. Hulle moes die Here prys, hulle moes dit doen soos koning Dawid van Israel gesê het hulle moet doen.

11Hulle het begin om die Here te prys en vir Hom dankie te sê, “want Hy is goed, ja, Hy doen altyd vir Israel wat Hy gesê het.” Al die mense het hard begin skree en hulle het die Here geprys omdat hulle die fondamente van die tempel kon bou.

12Toe die ouer priesters en Leviete en familiehoofde wat die eerste tempel geken het, sien dat hulle die fondamente van hierdie tempel bou, het hulle hard gehuil. Baie van die ander mense was so bly dat hulle aangehou het om hard te skree.

13Hulle het so hard geskree dat mense nie kon hoor dat party mense huil nie. Mense wat ver weg was, kon hoor hoe hulle skree.

Esra 4

Vyande keer dat hulle die tempel verder bou

1Die vyande van die mense van Juda en Benjamin het gehoor dat die mense ’n tempel bou vir die Here, die God van Israel. Dit was die mense wat teruggekom het uit Babel.

2Die vyande het na Serubbabel en die familiehoofde toe gekom en vir hulle gesê: “Ons wil saam met julle bou, want ons dien ook julle God, en ons offer vir Hom vandat koning Esar-Haddon van Assirië ons hiernatoe gebring het.”

3Maar Serubbabel en Jesua en die ander familiehoofde het vir hulle gesê: “Julle mag nie saam met ons die tempel bou nie. Ons wil dit alleen bou vir die Here, die God van Israel. Koning Kores van Persië het gesê ons moet dit doen.”

4Maar toe het die mense van die land probeer om die mense van Juda moedeloos en bang te maak om te bou.

5Hulle het raadgewers van die koning betaal om die planne van die Judeërs te stop. Hulle het aangehou om dit te doen die hele tyd terwyl Kores en Darius konings van Persië was.

6En toe Ahasveros koning word, het hulle ’n brief geskryf en hulle het die mense van Juda en Jerusalem beskuldig.

Die brief van Regum

7In die tyd toe Ahasveros koning was, het Bislam, Mitredat, Tabel en ander amptenare saam met hulle vir koning Ahasveros van Persië ’n brief geskryf. Hulle het die brief in die Aramese taal geskryf.

8Die hoof-amptenaar Regum en die sekretaris Simsai het ook vir koning Ahasveros ’n brief geskryf en slegte dinge gesê van Jerusalem.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Dit was die hoof-amptenaar Regum en die sekretaris Simsai wat die brief geskryf het saam met die regters en die ander amptenare, mense van die stede Erek, Babel en Susan in die land Elam,

10en ander mense wat hier in die stede van Samaria en die provinsie Wes-Eufraat kom woon het nadat die groot en belangrike koning Assurbanipal hulle hiernatoe gebring het.

11Hulle het geskryf: Aan koning Ahasveros, van sy amptenare, mense van Wes-Eufraat en verder:

12Die koning moet dít weet: Die Judeërs wat van jou na ons toe gekom het, het na Jerusalem gegaan. Jerusalem is ’n opstandige en slegte stad. Hulle is besig om die mure te bou, die fondamente is klaar gebou.

13Die koning moet ook weet dat wanneer hulle hierdie stad klaar gebou het en wanneer hulle sy mure reggemaak het, dan sal hulle nie belasting betaal nie. Die koning sal dan baie geld verloor.

14Ons werk vir die koning. Ons wil nie hê dat die koning geld moet verloor nie. Daarom stuur ons hierdie brief om vir die koning te laat weet

15dat wanneer jy soek in die dagboeke van die konings wat voor jou regeer het, dan sal jy sien dat hierdie stad ’n opstandige stad was, dit het konings en provinsies baie geld laat verloor. Die mense van die stad het altyd probeer om ander mense opstandig te maak teen konings. Daarom het die konings die stad verwoes.

16Ons wil hê die koning moet weet dat wanneer hulle hierdie stad weer gebou het en sy mure reggemaak het, dan sal jy niks in Wes-Eufraat hê nie.

17Die koning het ’n brief vir hulle teruggeskryf en gesê: Aan die hoof-amptenaar Regum, die sekretaris Simsai en die ander amptenare saam met hulle wat woon in Samaria en op ander plekke in die provinsie Wes-Eufraat: Ek hoop dit gaan goed met julle. En nou:

18Ek het julle brief laat vertaal en ek het gesê hulle moet dit vir my lees.

19Ek het toe gesê my mense moet kyk wat in die dagboeke geskryf is, en hulle het gesien dat daardie stad altyd opstandig was teen konings. Die mense van die stad het aangehou om mekaar opstandig te maak.

20Jerusalem het belangrike konings gehad wat oor die hele Wes-Eufraat regeer het. Die mense moes belasting betaal aan die konings.

21Daarom moet julle vir daardie mense sê hulle moet ophou om te bou. Hulle mag nie daardie stad weer bou nie, hulle moet wag totdat ek gesê het hulle mag dit bou.

22Julle moet doen wat ek sê. Ek wil nie nog geld verloor nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Toe Regum en die skrywer Simsai en die ander amptenare saam met hulle hoor wat die koning geskryf het, het hulle dadelik na Jerusalem gegaan, na die Judeërs toe, en hulle het gesê die Judeërs moet ophou werk.

24Die Judeërs het opgehou om die tempel te bou, en hulle het nie verder gebou nie tot die tweede jaar nadat Darius koning van Persië geword het.

Esra 5

Serubbabel en Jesua begin weer om die tempel te bou

1Die profete Haggai en Sagaria seun van Iddo het boodskappe gebring vir die Judeërs in Juda en Jerusalem. Die God van Israel wat oor die Judeërs regeer, het hulle gestuur.

2Serubbabel seun van Sealtiël en Jesua seun van Josadak het toe weer begin om die tempel in Jerusalem te bou. Die profete van God was by hulle en het hulle gehelp.

3Toe dit gebeur, het Tattenai, die goewerneur van Wes-Eufraat, en Setar-Bosnai en die ander amptenare saam met hulle na die Judeërs toe gekom en vir hulle gevra: “Wie het gesê julle moet hierdie tempel bou en sy dak opsit?”

4Hulle het ook gevra: “Wie is die mense wat hierdie tempel bou? Wat is hulle name?”

5Maar God het die leiers van die Judeërs beskerm. Hulle kon aanhou werk totdat Darius gehoor het wat gebeur het en hy besluit het dat hulle dit mag doen.

Die brief van Tattenai

6Tattenai, goewerneur van Wes-Eufraat, Setar-Bosnai en die ander hoë amptenare in Wes-Eufraat het vir koning Darius ’n brief gestuur.

7Hulle het vir hom vertel wat gebeur, hulle het geskryf: Aan koning Darius: Ons hoop dit gaan baie goed met jou.

8Ons wil hê dat die koning moet weet dat ons na die provinsie Juda gegaan het. Ons het daar ’n groot tempel gesien. Hulle bou die tempel se mure van groot klip en hout. Hulle doen die werk goed en hulle doen dit vinnig.

9Ons het vir hulle leiers gevra: “Wie het gesê julle moet hierdie tempel bou en die muur regmaak?”

10Ons het ook gevra wie die leiers is, sodat ons dit vir jou kan laat weet.

11Hulle het toe vir ons geantwoord: “Ons is dienaars van die God van die hemel en die aarde, en ons bou weer die tempel wat lank gelede hier gestaan het. ’n Groot koning van die volk Israel het voorheen die tempel gebou en klaargemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Maar ons voorvaders het die God van die hemel kwaad gemaak, en toe het Hy die Galdeër, koning Nebukadnesar van Babel, laat wen teen hulle. Nebukadnesar het hierdie tempel verwoes en hy het die mense gevang en weggevat na die land Babel.

13Maar in die eerste jaar nadat Kores koning van Babel geword het, het hy gesê ons moet hierdie tempel weer bou.

14Koning Kores het ook die goue goed en silwergoed teruggegee wat Nebukadnesar weggevat het uit die tempel in Jerusalem. Nebukadnesar het die goed in sy god se tempel in Babel gesit. Koning Kores het dit weggevat uit daardie tempel in Babel en hy het dit vir Sesbassar gegee. Sesbassar was die man wat hy gekies het om goewerneur van Juda te wees.

15Kores het vir Sesbassar gesê: ‘Neem hierdie goed en gaan sit dit in die tempel in Jerusalem. En jy moet kyk dat mense die tempel weer bou waar dit gestaan het.’

16Hierdie Sesbassar het toe gekom en hy het die fondamente van die tempel gebou. Van daardie tyd af bou ons die tempel, maar ons is nog nie klaar nie.”

17As die koning wil, dan moet jy nou iemand stuur om te kyk in die stoorkamers van die koning daar in Babel, hy moet kyk of dit waar is dat koning Kores gesê het hulle moet die tempel in Jerusalem weer bou, en dan moet jy vir ons laat weet wat jy besluit het.

Esra 6

Koning Darius sê hulle moet die tempel klaar bou

1Koning Darius het toe gesê sy mense moet soek in die kamers in die land Babel waar hulle die boeke en die briewe gebêre het.

2Hulle het ’n boekrol gekry in Agmeta, ’n stad wat sterk mure het. Agmeta is in die provinsie Medië. Op die boekrol was daar geskryf: Hierdie is ’n besluit van die koning.

3Dit was in die eerste jaar nadat Kores koning geword het. Koning Kores het gesê hulle moet die tempel in Jerusalem weer bou sodat hulle daar kan offer, sodat hulle vuur-offers kan bring. Die gebou moet 60 el hoog en 60 el breed wees.

4Hulle moet elke maal drie lae klip en dan een laag hout gebruik om die mure te bou. Die koning sal betaal vir al die werk.

5Hulle moet ook die goue goed en silwergoed teruggee wat aan die tempel behoort. Nebukadnesar het die goed weggevat uit die tempel in Jerusalem en hy het dit na Babel gebring. Hulle moet die goed terugbring na die tempel in Jerusalem. Dit moet daar wees, hulle moet dit daar in die tempel sit.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Koning Darius het toe geskryf: Tattenai, goewerneur van Wes-Eufraat, en Setar-Bosnai en almal saam met julle, amptenare in Wes-Eufraat, ek sê nou vir julle, julle moenie die mense pla wat daar bou nie.

7Die mense moet aanhou om daardie tempel te bou, en niemand moet hulle probeer stop nie. Die goewerneur en die leiers van die Judeërs mag daardie tempel weer bou waar dit gestaan het.

8En ek sê nou wat julle moet doen om hierdie leiers van die Judeërs te help om daardie tempel te bou. Julle moet dadelik vir hierdie manne alles gee wat hulle nodig het. Julle mag dit neem van die belasting wat ek moet kry uit die provinsie Wes-Eufraat.

9Julle moet ook elke dag vir die priesters in Jerusalem alles gee wat hulle nodig het: jong bulle, ramme en lammers vir die brand-offers vir die God van die hemel. Julle moet ook vir hulle koring, sout, wyn en olyf-olie gee. Julle moet dit dadelik doen, elke dag.

10Julle moet dit gee sodat die priesters offers kan bring wat lekker ruik vir die God van die hemel, en sodat hulle vir die koning en sy kinders kan bid.

11Ek sê ook dat wanneer enige iemand nie doen wat ek nou sê nie, dan moet hulle ’n balk van sy huis vat en hulle moet hom aan die balk vasslaan met spykers. Hulle moet ook sy huis afbreek.

12Ek bid dat die God wat in daardie tempel woon, dit sleg sal laat gaan met elke koning en volk wat nie doen wat ek sê nie, met almal wat hierdie tempel probeer verwoes. Ek, Darius, sê dit, en hulle moet die tempel gou en goed bou.

13Tattenai, die goewerneur van die provinsie Wes-Eufraat, en Setar-Bosnai en die ander amptenare saam met hulle het dadelik gedoen wat koning Darius in die brief gesê het.

14Die leiers van die Judeërs het aangehou bou, en dit het goed gegaan. Dit was soos die profete Haggai en Sagaria seun van Iddo gesê het. Die Judeërs het die tempel klaar gebou soos die God van Israel gesê het en soos koning Kores en koning Darius en koning Ahasveros van Persië gesê het.

15Hulle het hierdie tempel klaargemaak op die derde dag van die maand Adar, in die sesde jaar nadat Darius koning geword het.

Hulle wy die tempel

16Die Israeliete, die priesters en die Leviete, en die ander mense wat teruggekom het uit Babel, was baie bly toe hulle daardie tempel gewy het.

17Hulle het 100 bulle, 200 skaap-ramme en 400 lammers ge-offer om daardie tempel te wy. Hulle het ook twaalf bok-ramme gebring om ’n sonde-offer te wees vir die hele volk Israel, vir die twaalf stamme.

© Bible Society of South Africa.

18Hulle het groepe priesters en Leviete gekies en aangestel om die werk van God in Jerusalem te doen. Hulle het dit gedoen soos geskryf is in die Boek van Moses.

Hulle vier die Paasfees

19Die mense wat gevangenes in Babel was en wat teruggekom het, het die Paasfees gevier op die veertiende dag van die eerste maand.

20Al die priesters en die Leviete het hulleself gereinig, almal was rein. Hulle het die paaslam geslag vir almal wat teruggekom het uit Babel, hulle het dit geslag vir mekaar en vir hulleself.

21Die Israeliete wat gevangenes in Babel was en wat teruggekom het, het die paaslam geëet, en ook almal wat opgehou het om die onrein dinge te doen wat die ander mense in die land gedoen het. Die mense wat opgehou het om die onrein dinge te doen, het die Here, die God van Israel, gedien saam met die Israeliete.

22Hulle het die Fees van die Ongesuurde Brood sewe dae lank gevier. Hulle was bly, want die Here het hulle bly gemaak. Hy het die hart van die koning van Assirië verander. Die koning was toe goed vir hulle en hy het hulle gehelp om die werk te doen by die tempel van die God van Israel.

Esra 7

Esra

1Later het Esra na Jerusalem gekom. Dit was toe Artasasta koning van Persië was. Esra was die seun van Seraja seun van Asarja seun van Gilkija

2seun van Sallum seun van Sadok seun van Agitub

3seun van Amarja seun van Asarja seun van Merajot

4seun van Seragja seun van Ussi seun van Bukki

5seun van Abisua seun van Pinehas seun van Eleasar seun van die hoëpriester Aäron.

6Dit is die Esra wat uit die land Babel gekom het. Hy was ’n skrifgeleerde wat die Wette van Moses goed geken het, die wette wat die Here, die God van Israel, vir sy volk gegee het. Die Here het sy hand oor Esra gehou en Hy het hom geseën, daarom het die koning vir Esra alles gegee wat hy gevra het.

7Daar het Israeliete, priesters, Leviete, mense wat gesing het, poortwagte en tempel-slawe saam met Esra na Jerusalem gegaan. Dit was in die sewende jaar nadat Artasasta koning geword het.

8Esra het in Jerusalem gekom in die vyfde maand van die sewende jaar nadat Artasasta koning geword het.

© Bible Society of South Africa.

9 Ja, Esra het die mense uit die land Babel gelei op die eerste dag van die eerste
maand en hy het in Jerusalem gekom op die eerste dag van die vyfde maand. Sy God
het hom beskerm,

10 want hy het altyd gevra wat die wette van die Here sê en hy het dit gedoen. Hy het
ook vir die Israeliete geleer wat die Here wil hê en wat Hy besluit het.

Die brief wat die koning vir Esra gegee het

11 Die priester Esra het die wette van die Here goed geken. Koning Artasasta het vir
Esra 'n brief gegee. Die koning het geskryf:

12 Artasasta, koning van konings, aan die priester Esra, wat die wette van die God van
die hemel ken:

13 Ek sê dat elke Israeliet in my land, en ook elke priester en Leviet wat na Jerusalem
wil gaan, saam met jou mag gaan.

14 Ek, die koning, en my raadgewers stuur jou om in Juda en Jerusalem te gaan kyk
hoe dit gaan. Jy moet kyk of die Judeërs daar lewe soos jou God se wette sê, die
wette wat jy by jou het.

15 Jy moet die silwer en die goud saamneem wat ek en my raadgewers gegee het vir
die God van Israel. Sy tempel is in Jerusalem.

16 Jy moet ook al die silwer en goud saamneem wat jy kan kry in die provinsie Babel,
jy moet dit neem saam met die presente wat die mense en die priesters gee vir die
tempel van hulle God in Jerusalem.

17 Jy moet hierdie geld gebruik om bulle, ramme en lammers te koop en ook
die koring-offers en drank-offers wat daarby moet wees. Julle moet dit offer op
die altaar by die tempel van julle God in Jerusalem.

18 Jy en die ander priesters mag die silwer en goud wat oorbly, gebruik soos julle dink
is reg. Julle moet dit gebruik soos julle God wil hê.

19 Mense sal dinge vir jou gee om te gebruik vir die werk in die tempel van jou God. Jy
moet dit vir die God van Jerusalem bring.

20 As daar nog ander dinge is wat nodig is vir die tempel, dan mag jy neem van die
geld wat aan die koning behoort, jy mag dit gebruik om te betaal vir daardie dinge.

21 Ek, koning Artasasta, sê nou ook vir al die mense wat werk met die koning se geld
in die provinsie Wes-Eufraat: Julle moet alles gee wat die priester Esra vir julle vra.
Hy is die skrifgeleerde wat die wette van die God van die hemel ken.

22 Julle mag vir hom 100 talente silwer, 100 kor koring, 100 bat wyn, 100 bat olyf-olie
gee, en al die sout wat nodig is.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Julle moet alles wat die God van die hemel sê, reg doen vir sy tempel. Dan sal Hy nie kwaad word nie en Hy sal nie die land van die koning en sy seuns straf nie.

24Ons sê ook nou vir julle dat niemand moet sê dat die priesters en Leviete belasting moet betaal nie, ook nie die mense wat sing en die poortwagte, die tempel-slawe en die ander werkers in hierdie tempel nie.

25En jy, Esra, jy het wysheid van jou God gekry. Jy moet regeerders en regters kies en aanstel, sodat hulle kan oordeel oor al die mense in Wes-Eufraat, almal wat die wette van jou God ken. En jy moet die wette leer vir die mense wat dit nie ken nie.

26Julle moet elkeen oordeel en straf wat nie doen wat die wette van jou God en die wette van die koning sê nie. Hy moet sterf, of julle moet hom wegjaag uit die land, of hy moet boete betaal of tronk toe gaan.

27Ek prys die Here, die God van ons voorvaders. Hy het die koning laat besluit om die tempel van die Here in Jerusalem mooi te maak

28en Hy het die koning en sy raadgewers en al die belangrike amptenare vriendelik gemaak met my. Ek het sterk gevoel omdat my God my so gehelp het, en ek het leiers van die Israeliete bymekaargeroep om saam met my te gaan.

Esra 8

1Hier is ’n lys van die familiehoofde en hulle families wat saam met my gegaan het in die tyd toe Artasasta koning van Babel was:

2Van die Pinehas-familie was daar Gersom, van die Itamar-familie was daar Daniël, van die Dawid-familie was daar Gattus

3seun van Sekanja, van die Paros-familie was daar Sagaria, en saam met hom was daar 150 mans en seuns. Hulle name was in die lys van die families se name.

4Van die Pagat-Moab-familie was daar Eljehoënai seun van Seragja, en saam met hom 200 mans en seuns.

5Van die Sattu-familie was daar Sekanja seun van Jagasiël, en saam met hom 300 mans en seuns.

6Van die Adin-familie was daar Ebed seun van Jonatan, en saam met hom 50 mans en seuns.

7Van die Elim-familie was daar Jesaja seun van Atalja, en saam met hom 70 mans en seuns.

8Van die Sefatja-familie was daar Sebadja seun van Migael, en saam met hom 80 mans en seuns.

9Van die Joab-familie was daar Obadja seun van Jegiël, en saam met hom 218 mans en seuns.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Van die Bani-familie was daar Selomit seun van Josifja, en saam met hom 160 mans en seuns.

11Van die Bebai-familie was daar Sagaria seun van Bebai, en saam met hom 28 mans en seuns.

12Van die Asgad-familie was daar Joganan seun van Katan, en saam met hom 110 mans en seuns.

13Van die Adonikam-familie het Elifelet, Jeïel en Semaja laaste gekom, en saam met hulle was daar 60 mans en seuns.

14Van die Bigwai-familie was daar Utai en Sabud, en saam met hulle 70 mans en seuns.

15Ek het hulle laat bymekaarkom by die rivier wat na die stad Ahawa vloei. Ons het daar drie dae lank in tente gebly, en toe ek kyk wie van die volk en die priesters daar was, het ek gesien daar is nie Leviete nie.

16Toe het ek die hoofde gestuur. Hulle was Eliëser, Ariël, Semaja, Elnatan, Jarib, Elnatan, Natan, Sagaria en Mesullam, en die onderwysers Jojarib en Elnatan.

17Ek het hulle gestuur om vir Iddo ’n boodskap te bring. Hy was die leier in die stad Kasifja, ’n plek waar Leviete en tempel-slawe gewoon het. Ek het vir hulle gesê wat hulle moet sê vir Iddo en die ander tempel-slawe in Kasifja. Hulle moes vir hom vra om vir ons werkers te stuur vir die tempel van ons God.

18Ons God was goed vir ons, want hulle het vir ons ’n verstandige man gestuur van die familie van Magli seun van Levi seun van Jakob. Die man was Serebja, en hulle het ook 18 van sy seuns en broers gestuur,

19en ook vir Gasabja. Saam met hom was Jesaja van die Merari-familie, en 20 van sy broers en seuns.

20Daar was ook 220 mans en seuns van die families van die tempel-slawe wat Dawid en die amptenare gegee het om vir die Leviete te werk. Hulle name is almal in die lys van die families se name geskryf.

21Ek het daar by die Ahawa-rivier gesê dat ons moet vas, want ons moet ons voor God verneder en bid dat Hy dit goed sal laat gaan met ons en ons families en alles wat ons het.

22Ek was skaam om vir die koning ’n leër en manne op perde te vra om ons te beskerm teen vyande op die pad. Ons het vir die koning gesê: “Ons God is goed vir almal wat Hom dien, maar Hy word kwaad vir almal wat weggaan van Hom, en Hy straf hulle.”

23Daarom het ons gevas en gebid dat ons God ons moet beskerm, en Hy hét dit gedoen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Ek het twaalf priesterleiers geroep. Dit was Serebja en Gasabja en tien ander leiers.

25Ek het die silwer en die goud en die ander goed vir hulle geweeg. Dit was die presente wat die koning en sy raadgewers en sy amptenare en al die Israeliete wat daar was, vir die tempel van ons God gegee het.

26Ek het dit geweeg en vir hulle gegee. Daar was 650 talente silwer, 100 talente silwergoed, 100 talente goud

27en 20 goue bekers. Die bekers het 1 000 darieke geweeg. Daar was ook twee blink stukke brons, dit was so kosbaar soos goud.

28Ek het vir die priesterleiers gesê: “Julle is gewy aan die Here, en die goed is gewy, en die silwer en goud is presente vir die Here, die God van julle voorvaders.

29Julle moet dit oppas en hou totdat julle dit weeg in die kamers by die tempel. Julle moet dit weeg waar die priesterleiers en die Leviete en die familieleiers van die Israeliete dit sien.”

30Die priesters en die Leviete het toe die silwer en die goud en die goed geneem wat ek vir hulle geweeg en gegee het om na Jerusalem te bring, na die tempel van ons God.

Hulle gaan terug na Jerusalem

31Ons het weggegaan van die Ahawa-rivier op die twaalfde dag van die eerste maand. Ons wou na Jerusalem gaan. Ons God was by ons, Hy het ons beskerm teen vyande en diewe op die pad.

32Ons het in Jerusalem gekom en ons het drie dae lank daar gebly.

33Op die vierde dag het die priesterleiers die silwer en die goud en die goed geweeg in die tempel van ons God en hulle het dit vir die priester Meremot seun van Urija gegee. Eleasar seun van Pinehas was by hom, en die Leviete Josabad seun van Jesua en Noadja seun van Binnuï was ook daar.

34Hulle het die goed getel en geweeg en hulle het opgeskryf hoeveel dit is.

35Die mense wat gevangenes in Babel was en wat teruggekom het, het daardie tyd brand-offers gebring vir die God van Israel. Dit was twaalf bulle vir al die stamme van Israel, 96 skaap-ramme en 77 lammers. Hulle het ook twaalf bok-ramme gebring om ’n sonde-offer te wees. Alles was brand-offers vir die Here.

36Die koning het alles wat hy besluit het, in briewe geskryf. Hulle het die briewe van die koning vir die hoof-amptenare en die goewerneurs van die provinsie Wes-Eufraat gegee, en hierdie amptenare het gedoen wat hulle moes doen vir die volk en vir die tempel.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Esra 9

Esra hoor dat mense getrou het met vroue wat nie Israeliete is nie

1Nadat hierdie dinge gebeur het, het leiers na my toe gekom en gesê: “Die Israeliete, die priesters en die Leviete het nie apart gebly van die ander mense in die land nie. Hulle het nie apart gebly van die Kanaäniete, Hetiete, Feresiete, Jebusiete, Ammoniete, Moabiete, Egiptenaars en Amoriete nie. Daardie mense doen dinge wat die Here haat.

2Nee, party Israeliete en hulle seuns het getrou met dogters van daardie mense. Die gewyde volk het gemeng met die ander mense in die land, en die leiers en hoofde het dit eerste gedoen.”

3Toe ek dit hoor, het ek my klere geskeur, ook my bo-kleed. En ek het van my hare en baard uitgetrek en ek het gaan sit. Ek was baie hartseer en ontsteld.

4Ander mense het by my kom staan. Hulle was die mense wat bang geword het toe hulle dink aan wat die God van Israel sou sê omdat die mense baie ontrou was, die mense wat gevangenes in Babel was en wat teruggekom het. Ek was ontsteld en ek het daar gesit totdat dit tyd was vir die aand-offer.

Esra bid

5Toe dit tyd was vir die aand-offer, het ek opgestaan. Ek was hartseer en ontsteld en my klere was geskeur, my bo-kleed ook. Ek het op my knieë gaan staan en ek het my hande uitgesteek na my God die Here toe

6en ek het gesê: “My God, ek is baie skaam, ek voel baie sleg, ek kan nie opkyk na U toe nie, want ons sondes het baie geword, dit is so hoog soos die hemel.

7Ons is skuldig, van die tyd van ons voorvaders tot vandag toe, daarom het U ons en ons konings en ons priesters gegee vir konings van ander lande. Hulle het ons mense doodgemaak, hulle het ons gevang en weggevat, hulle het ons goed gevat en hulle het ons verneder. Dit is nou nog so.

8En toe was ons God die Here ’n kort tydjie jammer vir ons. Hy het party van ons vry laat wegkom en Hy het vir ons ’n vaste woonplek gegee in sy gewyde plek. Ons God het ons oë weer laat blink, want ons was bly. Ons was slawe, maar U het ons weer laat hoop.

9Ja, ons is slawe, maar ons God het ons nie gelos nie. Hy het die konings van Persië laat doen wat hulle belowe het. Ons het weer sterk gevoel om die tempel van ons God te bou, om weer mure te maak van sy hope klippe. Ons kan veilig woon in Juda en Jerusalem.

10Maar, ons God, wat moet ons nou doen? Wat moet ons vir U sê? Ons het nie gedoen wat U gesê het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11U het die profete gestuur om vir ons te sê: ‘Julle sal kom in ’n land wat julle vir julleself sal neem, maar dit is ’n onrein land. Die mense in die land het dit onrein gemaak. Hulle het op elke plek in die land dinge gedoen wat Ek haat, hulle het die land onrein laat word.

12Daarom mag julle nie julle dogters laat trou met hulle seuns nie, en julle seuns mag nie trou met hulle dogters nie. Julle moet die mense van die land nooit help dat hulle vrede kan hê en dat dit goed kan gaan met hulle nie. As julle doen wat Ek sê, dan sal julle sterk wees en julle sal al die goeie dinge van die land kan geniet. Julle sal die land vir julle kinders kan gee sodat dit hulle land sal wees.’

13“Baie dinge het met ons gebeur omdat ons verkeerd gedoen het en omdat ons so baie sonde gedoen het. Ja, ons sondes was baie, maar U het ons nie so baie gestraf nie. U het party van ons laat aanhou lewe.

14Maar ons het wéér nie gedoen wat U gesê het nie, ons het getrou met mense wat dinge doen wat U haat. U is nou baie kwaad vir ons, en U moes ons almal doodgemaak het, niemand moes aangehou lewe het en vry weggekom het nie.

15Maar, Here, God van Israel, U is die God wat reg doen. Ons het aangehou lewe, ons het vry weggekom. Hier is ons nou voor U, ons het sonde gedoen. En omdat ons sonde gedoen het, kan niemand voor U bly staan nie.”

Esra 10

Sekanja sê hulle moet die vroue en hulle kinders wegstuur

1Terwyl Esra gebid en bely het, het hy gehuil en op die grond gaan lê voor die tempel. ’n Klomp mans en vroue en kinders het by hom kom staan. Ja, die mense het baie hard gehuil.

2Sekanja seun van Jegiël, van die Elam-familie, het begin praat. Hy het vir Esra gesê: “Ons was ontrou aan ons God. Ons het getrou met vroue wat nie Israeliete is nie, hulle is mense van hierdie land. Die dinge het gebeur, maar ons kan nog hoop dat God dit goed sal laat gaan met Israel.

3Ons moet nou vir ons God belowe dat ons al hierdie vroue en hulle kinders sal wegstuur. Meneer en almal wat die wette van ons God respekteer, moet dit besluit. Ons moet doen wat die Here wil hê.

4Esra, jy moet opstaan, want dit is jý wat hierdie ding moet doen. Ons is by jou en ons sal jou help. Jy moet sterk wees en jy moet dit doen.”

5Esra het opgestaan en hy het vir die leiers van die priesters en Leviete en al die ander Israeliete gesê hulle moet belowe dat hulle sal doen wat Sekanja gesê het. Hulle het dit belowe.

6Esra het weggegaan van die tempel en hy het gegaan na die kamer van Joganan seun van Eljasib. Hy het daarnatoe gegaan, maar hy het nie geëet of gedrink nie,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

want hy het gerou omdat die mense ontrou was, die mense wat gevangenes in Babel was en wat teruggekom het.

Die volksvergadering besluit wat moet gebeur

7Hulle het ’n boodskap gestuur na almal in Juda en Jerusalem. Hulle het gesê die mense wat teruggekom het uit Babel, moet bymekaarkom in Jerusalem.

8Die hoofde en die leiers het besluit dat almal moet kom, en dat hulle elkeen wat ná drie dae nog nie gekom het nie, sal wegjaag van die mense wat teruggekom het. Hulle sal ook sy goed vat.

9Al die mans van Juda en Jerusalem het bymekaargekom voordat drie dae verby was. Dit was op die twintigste dag van die negende maand. Almal het op die oop stuk grond by die tempel gaan sit. Dit het gereën, en hulle het gebewe van die koue, maar ook omdat hulle bang was.

10Die priester Esra het opgestaan en hy het vir hulle gesê: “Julle was ontrou. Julle het getrou met vroue wat nie Israeliete is nie, julle het die sonde van Israel meer gemaak.

11Daarom moet julle nou bely voor die Here, die God van julle voorvaders. Julle moet doen wat Hy wil hê. Julle moet die ander mense in die land los, julle moet skei van die vroue wat nie Israeliete is nie.”

12Die hele vergadering het geantwoord en hard gesê: “Ja, ons moet doen wat jy gesê het.

13Maar hier is baie mense, en dit reën. Ons kan nie hier buite bly staan nie. En ons sal nie in een of twee dae alles kan doen wat jy sê nie, want baie van ons het hierdie sonde gedoen.

14Ons leiers kan hier bly en hulle kan die werk doen wat die hele vergadering moes doen. Almal in die stede wat getrou het met vroue wat nie Israeliete is nie, kan dan kom wanneer hulle moet kom. Die leiers en regters van die stad kan saam met hulle kom en hulle kan dan doen wat hulle moet doen. Dit moet gebeur totdat die Here nie meer kwaad is vir ons nie.”

15Net Jonatan seun van Asael en Jagseja seun van Tikwa wou dit nie doen nie, en Mesullam en die Leviet Sabbetai wou ook nie.

16Maar die mense wat teruggekom het uit Babel, het gedoen wat hulle besluit het. Die priester Esra het manne gekies. Hulle was familiehoofde, Esra het hulle name genoem. Hulle het saamgekom op die eerste dag van die tiende maand om die werk te doen,

17en op die eerste dag van die eerste maand van die volgende jaar het hulle die laaste van die mans wat getrou het met vroue wat nie Israeliete is nie, van hulle vroue laat skei.

© Bible Society of South Africa.

Die name van die mans wat hulle vroue laat weggaan het

18Daar was ook priesters wat getrou het met vroue wat nie Israeliete is nie: Van die
familie van Jesua seun van Josadak en sy broers was daar Maäseja en Eliëser en Jarib
en Gedalja.

19Hulle het belowe om hulle vroue te laat weggaan, en elkeen het ’n skaap-ram of
bok-ram gegee om ’n skuld-offer te wees.

20Van die Immer-familie was daar Ganani en Sebadja.

21Van die Garim-familie was daar Maäseja, Elia, Semaja, Jegiël en Usija.

22Van die Pasgur-familie was daar Eljoënai, Maäseja, Ismael, Netanel, Josabad en
Elasa.

23Van die Leviete was daar Josabad en Simi en Kelaja, Petagja, Juda en Eliëser. Kelaja
se ander naam was Kelita.

24Van die mense wat sing, was daar Eljasib, en van die poortwagte was daar Sallum
en Telem en Uri.

25Ander Israeliete: Van die Paros-familie was daar Ramja, Jissija, Malkija, Mijamin,
Elasar, Malkija en Benaja.

26Van die Elam-familie was daar Mattanja, Sagaria, Jegiël, Abdi, Jeremot en Elia.

27Van die Sattu-familie was daar Eljoënai, Eljasib, Mattanja, Jeremot, Sabad en Asisa.

28Van die Bebai-familie was daar Joganan, Sabbi en Atlai.

29Van die Bani-familie was daar Mesullam, Malluk, Adaja, Jasub, Seal en Jeremot.

30Van die Pagat-Moab-familie was daar Adna, Kelal, Semaja, Maäseja, Mattanja,
Besaleël, Binnuï en Manasse.

31Van die Garim-familie was daar Eliëser, Jissija, Malkija, Semaja, Simeon,

32Benjamin, Malluk en Semarja.

33Van die Gasum-familie was daar Mattena, Mattatta, Sabad, Elifelet, Jeremai,
Manasse en Simeï.

34Van die Bani-familie was daar Maädai, Amram, Uel,

35Benaja, Bedja, Keluhi,

36Wanja, Meremot, Eljasib,

37Mattanja, Mattenai, Jaäsai,

38Bani, Binnuï, Simeï,

39Selemja, Natan, Adaja,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

40 Maknadbai, Sasai, Sarai,

41 Asarel, Selemja, Semarja,

42 Sallum, Amarja en Josef.

43 Van die Nebo-familie was daar Jeïel, Mattitja, Sabad, Sebina, Jaddai, Joël en Benaja.

44 Hulle almal was getroud met vroue wat nie Israeliete is nie, en hulle het hulle vroue en kinders laat weggaan.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Nehemia

Nehemia 1

Nehemia bid tot die Here

1Hierdie is die dinge wat Nehemia gesê en gedoen het. Nehemia was ’n seun van
Gakalja. Dit was in die maand Kislef in die twintigste jaar. Ek was in die stad Susan, ’n
stad wat sterk mure het.

2Een van my broers, Ganani, het daar aangekom, hy en ander manne uit die land
Juda. Ek het vir hulle gevra hoe dit gaan met die Judeërs wat nog lewe en wat
voorheen gevangenes in Babel was maar wat teruggegaan het na Jerusalem. Ek het
ook vir hulle gevra hoe die stad Jerusalem nou lyk.

3Hulle het vir my gesê: “Dit gaan baie sleg met die mense wat nog lewe en wat
teruggegaan het uit Babel waar hulle gevangenes was. Vyande het die muur van
Jerusalem afgebreek en sy poorte verbrand.”

4Toe ek dit hoor, het ek gaan sit en huil. Ek het ’n paar dae lank gehuil en getreur, ek
het niks geëet nie en ek het gebid tot die God van die hemel.

5Ek het gesê: “Ag, Here, God van die hemel, U is die Groot God, almal is bang vir U. U
doen wat u verbond sê en U doen wat U belowe het vir almal wat lief is vir U en wat
doen wat U wil hê.

6Luister asseblief wat ek bid en kyk na my, u dienaar. Ek bid nou elke dag en elke nag
vir u dienaars, die mense van Israel. Ek bely dat die Israeliete sonde gedoen het teen
U. Ek en my familie het ook sonde gedoen.

7Ons het baie verkeerde dinge gedoen teen U. Ons het nie gedoen wat U wil hê nie,
ons het nie gedoen wat U vir u dienaar Moses gesê het nie.

8U moet onthou dat U vir u dienaar Moses gesê het: ‘As julle ontrou is, dan sal Ek
julle na al die kante toe jaag tussen die ander volke,

9maar as julle terugkom na My toe en as julle doen wat Ek wil hê en wat Ek vir julle
gesê het, dan sal Ek julle mense weer bymekaarmaak, die mense wat Ek na al die
kante toe gejaag het. Ek sal dit doen ook as hulle in baie ver lande is, en Ek sal hulle
bring na die plek wat Ek gekies het om self daar te woon.’

10Here, hulle is u dienaars, u volk, U het hulle vrygemaak met u groot krag.

11Ag, Here, luister asseblief wat ek bid, ek is u dienaar. Luister asseblief ook wat u
dienaars bid, hulle wil graag vir U respekteer en dien. Laat dit wat ek vandag wil
doen, slaag. Laat die koning doen wat ek vir hom vra.” Ek was die koning se skinker.

Nehemia 2

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Die koning doen wat Nehemia vra

1Die beker wyn was voor die koning, en ek het dit opgetel en vir hom gegee. Dit was
in die maand Nisan, in die twintigste jaar nadat Artasasta koning geword het. Ek het
nooit voorheen vir die koning gewys dat ek sleg voel nie.

2Maar daardie dag het die koning vir my gesê: “Ek kan sien jy voel sleg. Is jy siek? Of
is jy hartseer?” Ek was baie bang,

3maar ek het vir die koning gesê: “Ek bid dat die koning lank sal lewe! Ek ís hartseer,
ek kan nie anders voel nie, want vyande het die stad verwoes waar my voorvaders
se grafte is. Hulle het die poorte verbrand.”

4Die koning het vir my gesê: “Wil jy vir my iets vra?” Ek het gebid tot die God van die
hemel

5en ek het vir die koning gesê: “As dit vir die koning goed is en as die koning goed wil
wees vir my, jou amptenaar, dan moet jy my stuur na die stad waar die grafte van
my voorvaders is, sodat ek die stad weer kan bou.”

6Toe vra die koning vir my: “Hoe lank sal jy loop om daar te kom? En wanneer sal jy
terugkom?” Die koningin het langs die koning gesit. Die koning het besluit om my te
stuur. Ek het vir hom gesê hoe lank ek weg sal wees

7en ek het vir hom gevra: “As die koning dink dit is goed, dan moet jy vir my ’n brief
gee om vir die goewerneurs in die provinsie Wes-Eufraat te gee, sodat hulle my sal
laat verbygaan om in die provinsie Juda te kom.

8Ek het hout nodig vir die balke van die poorte en vir die gebou by die tempel wat
sterk mure moet hê, en vir die huis waar ek sal moet woon. Jy moet ook vir my ’n
brief gee om vir Asaf te gee sodat hy vir my hout kan gee. Asaf is die amptenaar wat
die houtbosse van die koning oppas.” Die koning het vir my die briewe gegee, want
my God was goed vir my en Hy het sy hand oor my gehou.

9Ek het by die goewerneurs van Wes-Eufraat gekom en ek het die brief van die
koning vir hulle gegee. Die koning het offisiere en manne op perde saam met my
gestuur.

10Sanballat die Goroniet en Tobija, die amptenaar by die Ammoniete, het daarvan
gehoor. Hulle was kwaad en ontsteld, want hulle wou nie hê dat daar iemand moes
kom wat iets goed vir die Israeliete wil doen nie.

Nehemia gaan kyk hoe lyk die muur van Jerusalem

11Ek het in Jerusalem gekom. Nadat ek drie dae daar was,

12het ek in die nag uitgegaan. Daar was net ’n paar manne by my. Ek het vir niemand
gesê wat my God my laat besluit het om vir Jerusalem te doen nie. Daar was ook nie
diere by my nie, net die dier waarop ek gery het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Ek het in die nag uitgegaan by die poort in die vallei. Ek het gegaan tot by die Jakkals-fontein en die Vullis-poort. Ek het gekyk hoe lyk die muur van Jerusalem. Vyande het die muur afgebreek en die poorte verbrand.

14Ek het verder gegaan na die Fontein-poort en die Koning-dam. Die dier waarop ek gery het, kon nie daar verbykom nie.

15Ek het toe in die nag in die vallei opgegaan en gekyk hoe lyk die muur. Toe het ek omgedraai en ek het deur die poort in die vallei teruggegaan in die stad.

Die Judeërs besluit om die muur weer te bou

16Die leiers het nie geweet waarnatoe ek gegaan het en wat ek gedoen het nie. Voor daardie dag het ek niks gesê vir die Judeërs, die priesters, die belangrike mense, die leiers en die ander mense wat die werk moes doen nie.

17Maar toe het ek vir hulle gesê: “Julle sien hoe sleg dit gaan met ons. Die vyande het Jerusalem verwoes en hulle het sy poorte verbrand. Ons moet weer die muur bou, sodat ander mense ons nie weer sal spot nie.”

18Ek het vir hulle vertel hoe my God my gehelp het en wat die koning vir my gesê het. En hulle het gesê: “Kom, ons moet die muur bou!” En hulle het dadelik gereedgemaak om die werk te doen.

19Maar toe Sanballat die Goroniet, en Tobija, die amptenaar by die Ammoniete, en Gesem die Arabier dit hoor, het hulle vir ons gelag en gespot en gevra: “Wat dink julle doen julle? Wil julle opstandig wees teen die koning?”

20Ek het hulle geantwoord, ek het vir hulle gesê: “Die God van die hemel sal ons laat slaag. Ons is sy dienaars, en ons sal die muur bou. Julle mag nie saam met ons besluit wat in Jerusalem moet gebeur nie. Hier is niks wat aan julle behoort nie en julle het nooit hier gewoon nie.”

Nehemia 3

Die mense wat die muur gebou het

1Die hoëpriester Eljasib en die ander priesters het begin om die muur te bou. Hulle het die Skaap-poort gebou. Hulle het dit gewy en hulle het die deure ingesit. Toe het hulle die muur gebou tot by die Toring-van-die-Honderd. Hulle het dit gewy, en toe het hulle verder gebou tot by die Gananel-toring.

2Die manne van Jerigo het die volgende stuk van die muur gebou, en Sakkur seun van Imri het die volgende stuk gebou.

3Die Senaä-familie het die Vis-poort gebou. Hulle het die balke op die mure gesit en hulle het die deure ingesit, saam met die slotte en die sluitbalke.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Meremot seun van Urija seun van Kos het die volgende stuk van die muur reggemaak, Mesullam seun van Berekja seun van Mesesabel het die volgende stuk reggemaak, en Sadok seun van Baäna die volgende stuk.

5Die Tekoa-mense het die volgende stuk van die muur reggemaak, maar hulle belangrike mense wou nie hard werk vir hulle Here nie.

6Jojada seun van Paseag, en Mesullam seun van Besodja het die Ou Poort reggemaak. Hulle het die balke op die mure gesit en hulle het die deure ingesit, saam met die slotte en sluitbalke.

7Melatja van die stad Gibeon, en Jadon van die stad Meronot, en die manne van die stede Gibea en Mispa het die volgende stuk van die muur reggemaak, tot by die huis van die goewerneur van die provinsie Wes-Eufraat.

8Die goudsmid Ussiël seun van Garhaja het die volgende stuk van die muur reggemaak, en Gananja, die man wat die salf gemeng het, het die volgende stuk reggemaak. Hulle het die muur van Jerusalem reggemaak tot by die Breë Muur.

9Refaja seun van Gur het die volgende stuk van die muur reggemaak. Refaja was die amptenaar wat regeer het oor die helfte van een van die dele van die stad Jerusalem.

10Jedaja seun van Garumaf het die volgende stuk reggemaak, tot oorkant sy huis. Gattus seun van Gasabneja het die volgende stuk reggemaak.

11Malkija seun van Garim, en Gassub seun van Pagat-Moab het ’n tweede stuk reggemaak. Dit was die stuk tot by die Bakoond-toring.

12Sallum seun van Loges het die volgende stuk gebou, hy en sy dogters. Sallum was die amptenaar wat regeer het oor die ander helfte van een van die dele van Jerusalem.

13Ganun en die mense van die stad Sanoag het die poort in die vallei reggemaak. Hulle het die mure van die poort gebou en hulle het die deure ingesit, saam met die slotte en sluitbalke. Hulle het ook die stuk muur tot by die Vullis-poort gebou, die stuk muur was 1 000 el lank.

14Malkija seun van Rekab het die Vullis-poort reggemaak. Malkija was die amptenaar wat regeer het oor Bet-Kerem, een van die dele van Jerusalem. Hy het die mure van die poort gebou en hy het die deure ingesit, saam met die slotte en sluitbalke.

15Sallun seun van Kol-Gose het die Fontein-poort reggemaak. Sallun was die amptenaar wat regeer het oor Mispa, een van die dele van die stad. Hy het die mure van die poort gebou en hy het die dak opgesit en die deure ingesit, saam met die slotte en sluitbalke. Hy het ook die muur by die Kanaal-dam weer gebou, van die tuin van die koning tot by die trappe wat afkom uit die Dawidstad.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Nehemia seun van Asbuk het die stuk muur reggemaak tot oorkant die Dawid-
grafte en tot by die dam wat die mense gebou het. Dit was by die kamers waar die
spesiale manne van die koning gewoon het. Nehemia was die amptenaar wat regeer
het oor die helfte van Bet-Sur, een van die dele van Jerusalem.

17Die Leviete het die volgende stukke van die muur reggemaak. Regum seun van
Bani het die eerste stuk reggemaak. Gasabja het die volgende stuk reggemaak. Dit
was die stuk langs sy deel van die stad. Gasabja was die amptenaar wat regeer het
oor die helfte van Keïla, een van die dele van die stad.

18Die Leviet Bawwai seun van Genadad het die volgende stuk reggemaak. Bawwai
was die amptenaar wat regeer het oor die ander helfte van Keïla, een van die dele
van die stad.

19Die Leviet Eser seun van Jesua het ’n tweede stuk reggemaak, die stuk van oorkant
die plek waar ’n mens opgaan na die wapenkamer op die hoek van die muur. Eser
was die amptenaar wat regeer het oor Mispa, ’n deel van die stad.

20Baruk seun van Sabbai het ook ’n tweede stuk reggemaak. Dit was die stuk van die
hoek tot by die poort van die huis van Eljasib, die hoëpriester.

21Meremot seun van Urija seun van Kos het ’n tweede stuk reggemaak. Dit was die
stuk van die poort voor die huis van Eljasib tot by die kant van Eljasib se huis.

22Die priesters wat daar naby gewoon het, het die volgende stuk van die muur
reggemaak.

23Benjamin en Gassub het die stuk oorkant hulle huis reggemaak, en Asarja seun van
Maäseja seun van Ananeja het die stuk oorkant sy huis reggemaak.

24Binnuï seun van Genadad het ’n tweede stuk van die muur reggemaak. Dit was van
die huis van Asarja tot by die draai en die hoek van die muur.

25Palal seun van Usai het die stuk reggemaak oorkant die draai en die toring. Dit is
die toring wat uitsteek bokant die boonste paleis wat by die binneplaas van die
wagte is. Pedaja seun van Paros

26en die tempel-slawe wat op die Ofel gewoon het, het die stuk van die muur
reggemaak tot by die Water-poort oos van die toring wat uitsteek.

27Die mense van Tekoa het ook ’n tweede stuk muur reggemaak, dit was van oorkant
daardie groot toring tot by die muur van die Ofel.

28Die priesters het die stuk muur bokant die Perde-poort reggemaak, elkeen het die
stuk muur oorkant sy huis reggemaak.

29Sadok seun van Immer het die stuk muur oorkant sy huis reggemaak. Semaja seun
van Sekanja het die volgende stuk reggemaak. Semaja was die wag by die poort oos
van die tempel.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30Gananja seun van Selemja en Ganun, die sesde seun van Salaf, het ook ’n tweede stuk muur reggemaak. Mesullam seun van Berekja het die stuk oorkant sy kamer reggemaak.

31Malkija, ’n goudsmid, het die stuk muur reggemaak tot by die woonplek van die tempel-slawe en die handelaars. Dit was die stuk muur langs die Wag-poort, tot by die bo-kamer op die hoek van die muur.

32Die goudsmede en die handelaars het die stuk van die muur tussen die bo-kamer en die Skaap-poort reggemaak.

Nehemia 4

Die vyande spot, maar Nehemia en sy mense bou die muur

1Toe Sanballat hoor dat ons die muur bou, het hy baie kwaad geword. Hy was ontsteld en hy het die Judeërs gespot.

2Die ander amptenare en die leër van Samaria het gehoor wat hy sê. Hy het gesê: “Wat doen die Judeërs? Hulle is swak en beteken niks. Wil hulle alles self regmaak? Wil hulle offer? Wil hulle alles op een dag klaarmaak? Wil hulle die klippe wat swart gebrand is, onder die hope grond uithaal? Hulle kan nie dit doen nie.”

3Die Ammoniet Tobija was langs Sanballat, en hy het gesê: “As hulle dit regkry om die muur te bou, dan sal ’n jakkals dit kan omstamp as hy teen die muur spring.”

4Ek het gebid en gevra: “Ons God, U moet luister hoe spot hulle ons, U moet hulle vyande vir húlle laat spot. U moet hulle gevangenes laat word in ’n ander land.

5U moet hulle straf, U moenie hulle sonde vergewe nie, nooit nie, want hulle het ons gespot omdat ons die muur bou.”

6Ons het aangehou om die muur te bou. Die muur was die helfte so hoog soos hy moes wees, en die mense het fluks gewerk.

Die Judeërs staan gereed met hulle wapens

7Sanballat en Tobija en die Arabiere en die Ammoniete en die mense van Asdod het baie kwaad geword toe hulle hoor dat die Judeërs die muur regmaak en dat dit goed gaan met die werk. Hulle het gehoor dat amper al die stukkende plekke in die muur weer reg is.

8Hulle het saam planne gemaak om oorlog te maak teen Jerusalem en om alles in die stad deurmekaar te maak.

9Ons het gebid tot ons God en ons het elke dag en nag mense laat wagstaan om te kyk of ons vyande kom.

10Die Judeërs het gesê: “Die mense wat die klippe moet dra, word moeg, en daar is groot hope grond wat hulle moet wegdra. Ons sal nie die muur klaar kan bou nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Ons vyande het vir mekaar gesê: “Ons sal tussen die Judeërs wees en ons sal hulle doodmaak voordat hulle iets sal weet of sal sien. Dan sal die werk kan ophou.”

12Party Judeërs wat naby ons vyande gewoon het, het vir ons tien maal kom sê dat ons vyande van al die kante kom om ons aan te val.

13Ek het toe vir die mense gesê hulle moet gereedstaan agter die muur op die gelyk plekke, elke familie moet swaarde, spiese en pyl en boë hê.

14Ek het vir die belangrike mense, die leiers en die ander mense, gesê: “Julle moenie bang wees vir die vyande nie, julle moet onthou dat die Here by ons is. Hy is groot, en almal moet bang wees vir Hom. Julle moet veg vir julle broers, vir julle seuns, vir julle dogters, vir julle vroue en julle huise.”

15Ons vyande het gehoor dat ons weet van hulle planne en dat ons weet dat God hulle planne laat misluk het. Ons het toe almal teruggegaan na die muur, elkeen het sy werk daar gaan doen.

16Van daardie dag af het die helfte van my manne gewerk en die ander helfte het gereedgestaan met spiese, skilde, pyl en boë, en harnasse. Die offisiere het gestaan agter al die mense van Juda

17wat die muur gebou het. En die mense wat die klippe moes dra, het klippe gedra met die een hand, en in hulle ander hand het hulle ’n wapen gedra.

18Die manne wat gebou het, het hulle swaarde teen hulle heupe vasgebind, en die man wat die ramshoring moes blaas, was langs my.

19Ek het vir die belangrike mense, vir die leiers en die ander mense, gesê: “Ons werk ver van mekaar op die muur.

20Wanneer julle hoor dat die ramshoring blaas, dan moet julle almal bymekaarkom by ons. Ons God sal vir ons veg.”

21So het ons gewerk terwyl die helfte van ons die spiese gereedgehou het. Ons het gewerk vandat dit lig geword het in die oggend totdat die sterre in die aand uitgekom het.

22Ek het daardie tyd ook vir die mense gesê: “Julle moet hier in Jerusalem slaap, elke man en die man wat vir hom werk moet hier slaap, sodat julle in die nag kan wagstaan en in die dag kan werk.”

23Niemand het sy klere uitgetrek nie, nie ek of my broers of die man wat vir my gewerk het of die manne wat waggestaan het nie. Elkeen het sy spies gereedgehou, ook wanneer hy gewas het.

Nehemia 5

Die volksvergadering besluit oor die arm mense

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Party mans en hulle vroue het kom kla oor die Judeërs.

2Party het gesê: “Ons het baie kinders en ons moet koring kry om te eet en te lewe.”

3Party het gesê: “Daar is baie min kos. Ons moes ons koringlande en ons wingerde en ons huise gee om koring te kry.”

4En party het gesê: “Ons moes ons koringlande en ons wingerde gee om geld te kry om die belasting van die koning te betaal.

5Ons en ons kinders is ook Judeërs, maar ons moes ons seuns en dogters gee om slawe te word. Party mans het party van ons dogters verkrag, en ons kan niks doen nie. En ons koringlande en ons wingerde behoort nou aan ander mense.”

6Ek was baie kwaad toe ek hoor wat hulle sê.

7Ek het daaroor gedink, en toe het ek die belangrike mense en die leiers beskuldig en vir hulle gesê: “Julle wil hê julle broers moet meer en meer geld vir julle skuld.” Ek het die mense bymekaargeroep, en ons het ’n groot volksvergadering gehou om hulle te beskuldig.

8Ek het vir die belangrike mense en die leiers gesê: “Die Judeërs moes hulleself verkoop aan mense wat nie Israeliete is nie, maar ons het hulle losgekoop. Nou verkoop julle hulle weer, en ons sal hulle wéér moet loskoop.” Hulle het stilgebly, niemand het iets gesê nie.

9Toe sê ek: “Dit is nie ’n goeie ding wat julle doen nie. Julle moet só lewe en julle moet die Here só dien dat ons vyande, die heidene, niks sleg van julle kan sê nie.

10Ek en my broers en my manne het ook vir hierdie mense geld en koring geleen. Ons moet nou vergeet dat hulle vir ons iets skuld.

11Julle moet asseblief vandag hulle koringlande, hulle wingerde, hulle olyfboorde en hulle huise teruggee. Julle moet sê hulle moenie die geld en die koring en die olyf-olie teruggee wat hulle vir julle skuld nie.”

12Hulle het gesê: “Ons sal dit teruggee en ons sal nie vir hulle nog iets vra nie. Ons sal doen wat jy sê.” Ek het die priesters geroep. Hulle almal moes belowe dat hulle sal doen wat hulle gesê het, en dat God die getuie sal wees.

13Ek het ook my bo-kleed geskud en alles uitgegooi wat ek daarin gebêre het. Ek het gesê: “Ek bid dat God dieselfde sal doen met elke man wat nie doen wat hy belowe het nie. Ek bid dat God hom so sal uitskud uit sy huis en uit alles wat hy het, sodat hy niks sal hê nie.” Die volksvergadering het gesê: “Amen!” En hulle het die Here geprys. Almal het gedoen wat hulle belowe het.

Ander dinge wat Nehemia gedoen het

14Almal moet ook weet dat ek en my broers nie die geld gevra het wat ’n goewerneur moet kry om kos te koop nie. Dit was so van die dag toe die koning

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

my gekies en aangestel het om goewerneur van Juda te wees. Dit was twaalf jaar lank, van die 20ste tot die 32ste jaar wat Artasasta koning was.

15Die goewerneurs wat voor my hier was, het die mense laat swaarkry. Hulle het elke dag brood en wyn van elke persoon gevat. Die brood en wyn het 40 sikkels silwer gekos. En die manne wat vir die goewerneurs gewerk het, het ook die mense baie swaar laat kry. Maar ek het dit nie gedoen nie, want ek het die Here gerespekteer.

16Almal moet ook weet dat ek al my krag gegee het vir die werk om hierdie muur te bou. Ek het nie grond gekoop nie, en die manne wat vir my werk, het almal gehelp om die muur te bou.

17Daar het 150 persone van die Judeërs en hulle leiers by my geëet, en ook mense van die volke rondom ons wat na ons toe gekom het.

18Ek het elke dag ’n bees en ses vet skape laat slag en ek het ook hoenders laat gaarmaak, en elke tiende dag het ek ook baie wyn vir almal gegee. Maar ek het nie die geld gevra wat ’n goewerneur kon kry om kos te koop nie, want hierdie volk moes hard werk.

19My God, U moet goed wees vir my omdat ek al hierdie dinge gedoen het vir hierdie volk.

Nehemia 6

Die vyande probeer om Nehemia te vang

1Ek het die muur klaar gebou. Daar het nie een stukkende plek oorgebly nie, maar ek het nog nie deure in die poorte gesit nie. Party mense het dit vertel vir Sanballat en Tobija en vir die Arabier Gesem en ons ander vyande.

2Toe het Sanballat en Gesem vir my ’n boodskap gestuur en gesê ons moet mekaar ontmoet in die stad Kefirim in die Ono-vallei. Hulle wou iets sleg doen aan my.

3Ek het boodskappers na hulle toe gestuur om vir hulle te sê: “Ek doen ’n belangrike werk, ek kan nie kom nie. Hoekom moet die werk stop? Hoekom moet ek dit los en na julle toe kom?”

4Hulle het vier maal dieselfde boodskap vir my gestuur, en ek het dieselfde antwoord vir hulle teruggestuur.

5Sanballat het die vyfde maal dieselfde boodskap gestuur, maar toe het sy boodskapper ’n oop brief in sy hand gehad.

6In die brief was geskryf: “Mense vertel tussen die volke dat die Judeërs opstandig wil word teen die koning, en Gasmu sê dit is waar. Hulle sê dit is hoekom jy die muur bou. Hulle sê dat jy self die koning van die Judeërs wil word.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Hulle sê ook dat jy profete gekies en aangestel het om in Jerusalem te skree en te
sê: ‘Nehemia is nou koning in Juda!’ Ek wil hê jy moet weet dat die koning hiervan sal
hoor. Daarom moet jy kom sodat ons daaroor kan praat.”

8Ek het vir hom laat weet: “Jy praat nie die waarheid nie. Nee, jy het self hierdie
storie gemaak.”

9Ja, hulle almal wou ons laat skrik, hulle het gedink ons sal moedeloos word, en die
werk sal nie klaarkom nie. Daarom het ek gebid dat ek sterk sal bly.

10Ek het gegaan na die huis van Semaja seun van Delaja seun van Mehetabel. Hy kon
nie uit sy huis kom nie. Hy het vir my gesê: “Ons moet mekaar in die tempel
ontmoet, binne-in die gebou. Dan sluit ons die deure, want daar is mense wat jou wil
kom doodmaak. Hulle wil dit vannag doen.”

11Ek het vir hom gesê: “Moet ’n man soos ek vlug? En moet iemand soos ek in die
tempel gaan wegkruip om te bly lewe? Nee, ek sal nie gaan nie.”

12Ek het besef dat God nie vir Semaja gestuur het nie. Semaja het gesê hy het ’n
boodskap van God vir my gebring, maar dit was Tobija en Sanballat wat hom betaal
het om dit te doen.

13Hulle het hom betaal om dit vir my te sê. Semaja wou hê dat ek moet skrik en moet
doen wat hy sê. As ek in die tempel ingegaan het, dan het ek sonde gedoen en dan
het almal sleg gepraat van my.

14Ek het gebid en gesê: “My God, U moet onthou wat Tobija en Sanballat gedoen
het. U moet ook onthou hoe die profeet Noadja en die ander profete probeer het
om my bang te maak.”

Die muur is klaar

15Ons het die muur klaar gebou op die 25ste dag van die maand Elul. Ons het 52 dae
lank gewerk.

16Toe al ons vyande en die mense van al die volke rondom ons dit sien, het hulle
moedeloos geword, want hulle het geweet dat God ons gehelp het om hierdie werk
klaar te maak.

17In daardie tyd het Tobija en die belangrike mense van Juda baie briewe vir mekaar
gestuur,

18want baie mense in Juda was familie van Tobija. Hy was ’n skoonseun van Sekanja
seun van Arag, en sy seun Jonatan was getroud met ’n dogter van Mesullam seun
van Berekja.

19Hulle het aangehou om vir my te sê dat Tobija ’n baie goeie man is, en hulle het vir
hom alles vertel wat ek gesê het. Hy het self ook vir my ’n brief geskryf om my bang
te maak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Nehemia 7

Nehemia laat mense wagstaan in Jerusalem

1Nadat ons die muur klaar gebou het en die deure van die poorte ingesit het, het ons poortwagte en mense wat moet sing en Leviete gekies en aangestel.

2Ek het my broer Ganani aangestel om oor Jerusalem te regeer saam met Gananja. Gananja was die hoof van die gebou by die tempel, die gebou wat sterk mure gehad het. Gananja het altyd gedoen wat hy belowe het en hy het God gerespekteer, meer as baie ander mense.

3Ek het vir hulle gesê: “Julle moenie die deure van die poorte van Jerusalem oopmaak voordat die son warm is nie, en julle moet die deure toemaak met die sluitbalke voordat die mense gaan slaap. Julle moet ook wagte kies en aanstel uit die mense van Jerusalem. Elkeen moet ’n beurt kry om wag te staan en elkeen moet wagstaan voor sy huis.”

Die mense wat saam met Serubbabel teruggekom het uit Babel

(Kyk ook Esra 2:1-67)

4Die stad was groot en wyd, maar daar was min huise en min mense.

5My God het my laat besluit om die belangrike mense en die leiers bymekaar te bring sodat ons die mense se name op die naamlys kon skryf. En toe kry ek ’n ander lys, die name van die mense wat eerste teruggekom het na Juda, was daarop geskryf. Ek het gesien hulle het daarop geskryf:

6Hier is ’n lys van die mense van die provinsie Juda wat teruggekom van Babel. Koning Nebukadnesar van Babel het hulle voorheen weggevat na Babel, en hulle was daar gevangenes. Nou het hulle teruggekom na Jerusalem en Juda, elkeen het teruggekom na sy eie stad.

7Hulle het gekom saam met Serubbabel, en saam met Jesua, Nehemia, Asarja, Raämja, Nagamani, Mordegai, Bilsan, Misperet, Bigwai, Negum en Baäna. Hier is ’n lys van die families van die volk Israel en hoeveel mense in elke familie was:

8Die families was: Paros, hulle was almal saam 2 172 mans,

9Sefatja 372,

10Arag 652,

11Pagat-Moab, dit was die Jesua-familie en die Joab-familie, 2 818,

12Elam 1 254,

13Sattu 845,

14Sakkai 760,

15Binnuï 648,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16 Bebai 628,

17 Asgad 2 322,

18 Adonikam 667,

19 Bigwai 2 067,

20 Adin 655,

21 Ater, dit was ’n Hiskia-familie, 98,

22 Gasum 328,

23 Besai 324,

24 Garif 112 en

25 Gibeon 95.

26 Daar was ook mense van hierdie stede: Van Betlehem en Netofa was daar 188 mense,

27 Anatot 128,

28 Bet-Asmawet 42,

29 Kirjat-Jearim, Kefira en Beërot 743,

30 Rama en Geba 621,

31 Mikmas 122,

32 Bet-El en Ai 123,

33 die ander Nebo 52,

34 die ander Elam 1 254,

35 Garim 320,

36 Jerigo 345,

37 Lod, Hadid en Ono 721,

38 en Senaä 3 930.

39 Die priester-families was: Jedaja, van die nageslag van Jesua, hulle was 973,

40 Immer 1 052,

41 Pasgur 1 247

42 en Garim 1 017.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

43Die Leviete-families was Jesua, dit is die Kadmiël-familie en die Hodewa-familie, hulle was 74.

44Die Asaf-familie was die mense wat moes sing, hulle was 148.

45Die poortwagte was die families Sallum, Ater, Saltan, Akkub, Gatita en Sobai, hulle was 138.

46Die tempel-slawe was die families Siga, Gasufa, Tabbaot,

47Keros, Sia, Padon,

48Lebana, Gagaba, Salmai,

49Ganan, Giddel, Gagar,

50Reaja, Resin, Nekoda,

51Gassam, Ussa, Paseag,

52Besai, Meünim, Nefusesim,

53Bakbuk, Gakufa, Gargur,

54Baslit, Megida, Garsa,

55Barkos, Sisera, Tamag,

56Nesiag en Gatifa.

57Die nageslag van die slawe van Salomo was die families Sotai, Soferet, Perida,

58Jaäla, Darkon, Giddel,

59Sefatja, Gattil, Pokeret-Sebajim en Amon.

60Die tempel-slawe en die persone van die nageslag van die slawe van Salomo was almal saam 392.

61Daar het ook persone gekom uit die stede Tel-Melag, Tel-Garsa, Kerub-Addan en Immer. Maar hulle kon nie bewys aan watter families hulle behoort en wie hulle voorvaders was en dat hulle Israeliete is nie.

62Dit was 642 persone van die Delaja-familie, die Tobija-familie en die Nekoda-familie.

63Die priester-families was: Gobaja, Kos en Barsillai. Barsillai het getrou met ’n dogter van Barsillai van die land Gilead en toe het hy homself ook Barsillai genoem.

64Hierdie families het in die naamlys gesoek, maar hulle kon nie hulle name daar kry nie, en daarom kon hulle nie meer priesters wees nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

65Die goewerneur het vir hulle gesê hulle mag nie eet van die hoog-gewyde offers nie. Hulle moes wag totdat ’n priester vir die urim en tummim gevra het wat met hulle moet gebeur.

66Die mense wat teruggekom het, was almal saam 42 360.

67Daar was ook nog 7 337 slawe en slavinne, en die 245 mans en vroue wat moes sing.

68 69Hulle het 435 kamele en 6 720 donkies gehad.

70Party van die familiehoofde het presente gebring vir die werk by die tempel. Die goewerneur het 1 000 goue darieke en 50 bakke en rokke vir 530 priesters gegee.

71Party van die familiehoofde het 20 000 goue darieke en 2 200 mines silwer gegee.

72Die ander mense het 20 000 goue darieke, 2 000 mines silwer en rokke vir 67 priesters gegee.

73Die priesters en die Leviete, die poortwagte en die mense wat moes sing en party van die ander mense het gaan woon in die stede van waar hulle gekom het. Die ander Israeliete het dit ook gedoen.

Nehemia 8

Esra lees die wetboek vir die volk

1Toe die sewende maand begin, het al die Israeliete in hulle stede gewoon.

2Al die mense het bymekaargekom op die oop stuk grond by die Water-poort. Hulle het vir Esra, die sekretaris, gesê hy moet die boek bring waarin die Wette van Moses is, die wette wat die Here vir die volk Israel gegee het.

3Die priester Esra het toe die wette vir die volksvergadering gebring. Daar was mans en vroue. Almal wat kon verstaan, was daar. Dit was op die eerste dag van die sewende maand.

4Esra het van vroeg die oggend tot die middag daar op die oop stuk grond voor die Water-poort uit die boek gelees vir die mans en vroue, vir almal wat kon verstaan. Al die mense het goed geluister na dit wat in die boek geskryf is.

5Die sekretaris Esra het gestaan op ’n hout-toring wat mense gemaak het. Regs langs hom het Mattitja, Sema, Anaja, Urija, Gilkija en Maäseja gestaan, en links langs hom het Pedaja, Misael, Malkija, Gasum, Gasbaddana, Sagaria en Mesullam gestaan.

6Al die mense het gesien toe Esra die boek oopmaak. Hy het hoog bo hulle gestaan, en toe hy die boek oopmaak, het almal opgestaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Esra het die Here, die Groot God, geprys. Al die mense het gesê: “Amen” en hulle het hulle hande opgetel. Toe het hulle gebuig en met hulle gesigte teen die grond gaan lê om die Here te aanbid.

8Die Leviete Jesua, Bani, Serebja, Jamin, Akkub, Sabtai, Hodija, Maäseja, Kelita, Asarja, Josabad, Ganan en Pelaja het die wette vir die mense verduidelik. Die mense het op hulle plekke bly staan.

9Die Leviete het gelees uit die boek, uit die wette van God. Hulle het verduidelik wat dit beteken sodat almal dit kon verstaan.

10Die goewerneur Nehemia, die priester en sekretaris Esra en die Leviete wat die wette vir die mense verduidelik het, het toe vir al die mense gesê: “Hierdie dag is gewy aan julle God die Here, julle moenie huil of treur nie.” Want al die mense het gehuil toe hulle hoor wat die wette sê.

11Die goewerneur het vir die mense gesê: “Julle moet gaan, julle moet lekker kos eet en soetgoed drink. Julle moet vir ander mense wat niks gereedgemaak het nie, ook daarvan stuur. Want hierdie dag is gewy aan ons Here. Julle moenie hartseer wees nie, julle moet bly wees daaroor dat die Here julle beskerm.”

12Die Leviete het vir die mense gesê hulle moet stil wees en nie hartseer wees nie, want dit is ’n gewyde dag.

13Toe het al die mense gegaan en hulle het geëet en gedrink en vir ander mense ook daarvan gestuur. Dit was ’n groot fees, want hulle het verstaan wat Esra vir hulle gelees het.

Die Hutte-fees

14Die volgende dag het al die familiehoofde saam met die priesters en Leviete bymekaargekom by die sekretaris Esra om te leer wat die wette sê.

15Hulle het gehoor dat daar in die wette geskryf is dat die Israeliete in hutte moet woon terwyl hulle die fees in die sewende maand vier. Die Here het hierdie wette vir Moses gegee.

16Hulle het ook gehoor dat hulle boodskappe moet stuur vir almal in die stede en in Jerusalem. Hulle moet vir die mense sê: “Julle moet na die berge gaan en takke bring, takke van olyfbome, olienhoutbome, palmbome en ander bome wat blare het. Julle moet hutte maak van die takke, dit is wat die wette sê.”

17Die mense het gegaan en hulle het takke gebring. Hulle het vir hulle hutte gemaak op hulle huise se dakke en op die oop stukke grond by hulle huise, by die tempel, by die Water-poort en die Efraim-poort.

18Almal wat teruggekom het uit Babel waar hulle gevangenes was, het hutte gemaak en hulle het daarin gewoon. Dit was die eerste maal dat die Israeliete dit weer gedoen het van die tyd van Josua seun van Nun af. Almal was baie bly.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Van die eerste dag van die fees tot die laaste dag het Esra elke dag uit die wetboek van God gelees. Hulle het die fees sewe dae lank gevier. Op die agste dag het hulle ’n gewyde feesdag gevier, soos die wette sê.

Nehemia 9

Die Israeliete vas en prys die Here

1Die Israeliete het op die 24ste dag van die sewende maand bymekaargekom. Hulle het gevas en rouklere aangetrek en grond op hulle koppe gegooi.

2Die Israeliete het apart gegaan, weg van almal wat nie Israeliete was nie. Die Israeliete het voor die Here gaan staan en hulle het bely dat hulle sonde gedoen het en dat hulle voorvaders verkeerd gedoen het.

3Hulle het op hulle plekke bly staan en hulle het drie uur lank uit die wetboek van hulle God gelees. Toe het hulle drie uur lank hulle sonde bely en voor hulle God die Here gebuig.

4Jesua, Bani, Kadmiël, Sebanja, Bunni, Serebja, Bani en Kenani het op die verhoog van die Leviete gaan staan en hulle het hard geskree en gevra dat hulle God die Here hulle moet help.

5Die Leviete Jesua, Kadmiël, Bani, Gasabneja, Serebja, Hodija, Sebanja en Petagja het gesê: “Kom, julle moet julle God die Here prys, julle moet nooit ophou om dit te doen nie.” Hulle het u Naam geprys, Here, U wat Koning is, hulle het die Naam geprys, die Naam is so wonderlik dat daar nie woorde is om dit waarlik te prys en te loof nie.

6Hulle het gesê: “U is die Here, U alleen, U het die hemel gemaak, ook die hoogste hemel, en al die sterre in die lug. U het die aarde gemaak en alles daarop, die see en alles daarin. U het lewe gegee vir almal, die sterre in die lug aanbid U.

7U is ons God die Here, U het vir Abram gekies en U het hom gebring uit die stad Ur van die Galdeërs, U het vir hom die naam Abraham gegee.

8U het gesien dat hy vir U glo, en U het ’n verbond gemaak met hom. U het belowe om vir hom en sy nageslag die land te gee, die land van die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriete, die Feresiete, die Jebusiete, die Girgasiete. U het gedoen wat U belowe het, want U doen altyd wat reg is.

9“U het gesien dit gaan sleg met ons voorvaders in Egipte. U het geluister toe hulle na U geroep het by die Riet-see en gevra het dat U hulle moet help.

10U het geweet dat die farao en al sy amptenare en al die mense in sy land slegte dinge gedoen het aan ons voorvaders, en U het tekens en wonderwerke gedoen by hulle. Almal moes weet wie U is en almal moet nóú weet wie U is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11U het ’n pad gemaak deur die see sodat ons voorvaders op droë grond daar kon deurloop, maar U het die mense wat vir hulle gevolg en gejaag het, in die water gegooi. Hulle het soos ’n klip in diep water gesink.

12“U het hulle in die dag gelei met ’n wolk, en in die nag het vuur vir hulle lig gemaak op die pad waar hulle moes gaan.

13U het afgekom na Sinai-berg, U het uit die hemel met hulle gepraat en vir hulle wette gegee wat reg en goed was.

14U het vir hulle geleer van u gewyde Sabbatdag en U het vir Moses gestuur om wette vir hulle te gee.

15Toe hulle honger was, het U vir hulle kos gegee uit die hemel, en toe hulle dors was, het U vir hulle water uit ’n rots laat kom. U het vir hulle gesê hulle moet kom en hulle moet die land vat wat U vir hulle belowe het.

16“Maar hulle, ons voorvaders, was opstandig en hardkoppig, hulle het nie gedoen wat U wil hê nie.

17Hulle was ongehoorsaam, hulle het nie die wonderwerke onthou wat U gedoen het nie. Hulle was hardkoppig, hulle was opstandig, hulle wou teruggaan om weer slawe te wees. “Maar U is God, U vergewe mense se sondes, U is genadig, U is goed vir mense wat swaarkry, U is geduldig, U doen altyd wat U belowe het. U het hulle nie gelos nie.

18U het hulle ook nie gelos toe hulle vir hulle ’n kalfbeeld gemaak het en vir U beledig het nie. Hulle het gesê die kalf is die god wat vir hulle uit die land Egipte gebring het.

19U was goed vir hulle toe hulle swaargekry het, U het hulle nie gelos in die woestyn nie. Die wolk het daar gebly om hulle in die dag te lei op die pad, en die vuur het in die nag lig gemaak op die pad waar hulle moes gaan.

20U het u goeie Gees vir hulle gegee om vir hulle te leer, U het aangehou om vir hulle manna te gee om te eet, en water om te drink.

21U het 40 jaar lank vir hulle gesorg in die woestyn, hulle het genoeg gehad van alles. Hulle klere het nie stukkend geword nie en hulle voete het nie geswel nie.

22U het vir hulle lande en volke gegee. Hulle kon alles vir hulle vat, die land Gesbon van koning Sihon, en die land Basan van koning Og.

23U het vir hulle so baie kinders gegee soos die sterre in die lug. U het vir hulle voorvaders gesê hulle kinders sal die land vir hulle kom vat,

24en die kinders hét die land kom vat. U het die mense van die land, die Kanaäniete, laat buig voor u volk. U volk het die Kanaäniete en hulle konings oorwin, hulle het gedoen wat hulle wil met die mense van die land.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Hulle het die stede oorwin wat sterk mure gehad het en hulle het die vrugbare
grond vir hulle gevat. Hulle het huise gevat wat vol kosbare goed was, ook watergate
wat die mense in die rots gekap het, wingerde, olyfbome en baie vrugtebome. Hulle
kon eet totdat hulle genoeg gehad het, hulle het vet geword. Hulle het die goeie
dinge geniet wat U gegee het.

26"Maar hulle was hardkoppig, hulle was opstandig teen U. Hulle wou nie doen wat
U wil hê nie. U profete het hulle gewaarsku en het gesê hulle moet terugkom na U
toe, maar hulle het die profete doodgemaak. Hulle het vir U beledig.

27"U het hulle vyande laat wen teen hulle, die vyande het hulle laat swaarkry. En toe
hulle swaarkry, het hulle na U geroep en gevra dat U hulle moet help. U was in die
hemel en U het geluister. U is altyd goed vir mense wat swaarkry. Daarom het U
mense gestuur wat hulle gered het van hulle vyande.

28Maar toe hulle al hulle vyande oorwin het, het hulle weer verkeerde dinge gedoen.
U het hulle vyande laat wen teen hulle, en die vyande het oor hulle regeer. Hulle het
weer na U geroep en gevra dat U hulle moet help. U was in die hemel en U het
geluister, U het hulle gered, want U is goed vir mense wat swaarkry. U het dit baie
maal gedoen.

29U het hulle gewaarsku en gesê hulle moet weer doen wat U wil hê, maar hulle wou
nie. Hulle wou nie doen wat U wil hê nie. Hulle het sonde gedoen teen u wette,
wette wat 'n mens laat lewe het as jy doen wat die wette sê. Hulle was hardkoppig
en opstandig, hulle het nie geluister nie.

30U was geduldig met hulle, baie jare lank. U het u Gees vir die profete gegee en U
het die profete gestuur om hulle te waarsku. Maar hulle het nie geluister nie, en U
het die ander volke van die land laat wen teen hulle.

31Maar U is goed vir mense wat swaarkry, U het hulle nie almal laat sterf nie. U het
hulle nie gelos nie, want U is 'n God wat genadig is en wat goed is vir mense wat
swaarkry.

32"En nou, ons God, almal is bang vir U, U wat die groot en sterk God is. U hou aan
om te doen wat U in u verbond belowe het. U moet kyk hoe swaar ons gekry het.
Ons konings, ons amptenare, ons priesters, ons profete, ons voorvaders, u hele volk
het swaargekry, van die tyd van die konings van Assirië af tot vandag toe.

33Maar U het reg gedoen toe U dit alles laat gebeur het. U het dieselfde gebly, en ons
het verkeerde dinge gedoen.

34Ons konings, ons amptenare, ons priesters en ons voorvaders het nie gedoen wat
U wil hê nie. U het gesê wat hulle moet doen en U het hulle gewaarsku, maar hulle
het dit nie gedoen nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

35Hulle het ’n eie koning gehad, en hulle het baie goeie dinge van U gekry in die
groot en vrugbare land wat U vir hulle gegee het, maar hulle het nie vir U gedien nie
en hulle het nie opgehou om verkeerde dinge te doen nie.

36Hier is ons vandag slawe, ons is slawe in die land wat U vir ons voorvaders gegee
het. U het die land vir hulle gegee sodat hulle kon eet en die goeie dinge van die land
kon geniet.

37Ons het sonde gedoen, daarom laat U konings oor ons regeer, hulle doen wat hulle
wil met ons en ons diere. Dit gaan baie sleg met ons.”

Die mense maak ’n ooreenkoms

38Al hierdie dinge het met ons gebeur. Daarom maak ons ’n ooreenkoms. Ons wil
doen wat ons belowe en ons skryf dit neer. Ons sit seëls op die ooreenkoms en ons
skryf die name van ons amptenare, ons Leviete en ons priesters daarop.

Nehemia 10

1Hierdie persone se name was op die seëls: Die goewerneur Nehemia seun van
Gakalja,

2-8die priesters Seraja, Asarja, Jeremia, Pasgur, Amarja, Malkija, Gattus, Sebanja,
Malluk, Garim, Meremot, Obadja, Daniël, Ginneton, Baruk, Mesullam, Abija,
Mijamin, Maäsja, Bilgai en Semaja,

9die Leviete Jesua seun van Asanja, Binnuï, Genadad, Kadmiël,

10en die ander Leviete Sebanja, Hodija, Kelita, Pelaja, Ganan,

11Mika, Regob, Gasabja,

12Sakkur, Serebja, Sebanja,

13Hidija, Bani en Beninu,

14die leiers van die volk: Paros, Pagat-Moab, Elam, Sattu, Bani,

15Bunni, Asgad, Bebai,

16Adonija, Bigwai, Adin,

17Ater, Hiskia, Assur,

18Hodija, Gasum, Besai,

19Garif, Anatot, Nobai,

20Magpias, Mesullam, Gesir,

21Mesesabel, Sadok, Jaddua,

22Pelatja, Ganan, Anaja,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Hosea, Gananja, Gassub,

24Loges, Pilga, Sobek,

25Regum, Gasabna, Maäseja,

26Agija, Ganan, Anan,

27Malluk, Garim en Baäna.

28-29Die ander mense het saam met mekaar en saam met hulle leiers belowe dat hulle sal doen wat die wette van God sê, die wette wat Moses, die dienaar van God, vir die volk gegee het. Hulle het gesê dat God hulle kan doodmaak as hulle nie gehoorsaam is aan al die gebooie van die Here, ons Here, nie, as hulle nie gehoorsaam is aan alles wat Hy besluit het en gesê het nie. Hierdie mense was die priesters, die Leviete, die poortwagte, die mense wat moes sing, die tempel-slawe, almal wat apart gegaan het, weg van die ander volke in die land. Hulle het weggegaan sodat hulle kan doen wat die wette van God sê. Hulle vroue, hulle kinders en almal wat kon verstaan, het ook saam met hulle gegaan.

30Hulle het gesê: “Ons sal ons kinders nie laat trou met die kinders van die ander mense in die land nie.

31“Wanneer die ander mense op die Sabbatdag goed of koring bring om te verkoop, dan sal ons dit nie van hulle koop nie, nie op die Sabbatdag of op ’n ander gewyde dag nie. “In die sewende jaar sal ons nie ons lande ploeg of saai nie en ons sal sê mense moenie betaal wat hulle vir ons skuld nie.

32“Ons besluit dat elkeen van ons elke jaar een derde van ’n sikkel goud sal gee vir die werk in die tempel van ons God.

33Hierdie geld is om te betaal vir die offer-brood, die koring-offer en die brand-offer elke dag, vir die offers op die Sabbatdag, die Nuwemaan-feeste en die ander feeste, en vir die gewyde presente en die sonde-offers. Die priesters moet daarmee versoening doen vir die volk. Hulle sal al die ander werk in die tempel van ons God ook met daardie geld betaal.

34“Ons priesters, ons Leviete en die ander mense het lootjies getrek om te sien watter familie elke jaar op die regte tyd die hout moet bring om op die altaar van ons God die Here aan die brand te steek. Hulle moet dit doen soos die wette sê.

35“Ons sal elke jaar die eerste koring en gars wat ons afsny, na die tempel bring, en ook die eerste vrugte wat ons pluk.

36“Ons sal ons oudste seuns en die eerste kalwers en lammers van ons diere, van ons beeste, ons skape en ons bokke, na die priesters toe bring wat in die tempel werk. Ons sal dit doen soos die wette sê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

37"Ons sal die eerste deeg wat ons knie nadat ons die koring afgesny het, na die
priesters toe bring, en ook ons presente en vrugte van elke boom, en wyn en olyf-
olie. Ons sal dit bring na die kamers by die tempel van ons God, en ons sal die tiende
van al ons koring vir die Leviete gee. Die Leviete sal die tiendes bymekaarmaak in al
die stede waar ons werk.

38Die priester uit die nageslag van Aäron sal saam met die Leviete gaan wanneer
hulle die tiendes bymekaarmaak. Die Leviete sal een tiende van die tiendes na die
tempel van ons God bring. Hulle sal dit in die stoorkamers sit.

39"Ja, die Israeliete en die Leviete sal presente na die stoorkamers bring. Die
presente is koring, wyn en olyf-olie. Die priesters bêre die gereedskap vir die tempel
daar, want hulle werk daar en die poortwagte en die mense wat moet sing, is ook
daar. "Ons sal alles doen wat nodig is vir die tempel van ons God."

Nehemia 11

Die mense wat in Jerusalem gewoon het

(Kyk ook 1 Kron 9:3-13)

1Die leiers van die mense het in Jerusalem gewoon. Die ander mense het lootjies
getrek om te sien wie in Jerusalem moet woon. Een uit elke tien mense moes in
Jerusalem woon, die ander mense het in die ander stede gewoon.

2Die mense het almal geprys wat self besluit het om in Jerusalem te woon.

3Hier is die name van die hoofde van die provinsie Juda wat in Jerusalem gewoon
het. In die ander stede van Juda het elkeen op sy eie plek gewoon: die Israeliete,
die priesters, die Leviete, die tempel-slawe en die nageslag van die slawe van
Salomo.

4Party mense van die stamme Juda en Benjamin het in Jerusalem gewoon. Van
die Juda-stam was daar Ataja seun van Ussia seun van Sagaria seun van Amarja seun
van Sefatja seun van Mahalalel. Hulle was van die nageslag van Peres.

5Van die nageslag van Sela was daar Maäseja seun van Baruk seun van Kol-Gose seun
van Gasaja seun van Adaja seun van Jojarib seun van Sagaria.

6Die manne van die nageslag van Peres wat in Jerusalem gewoon het, was almal
saam 468. Hulle was mense wat hulle eie grond gehad het.

7Van die Benjamin-stam was daar die familie van Sallu seun van Mesullam seun van
Joëd seun van Pedaja seun van Kolaja seun van Maäseja seun van Itiël seun van
Jesaja.

8Sallu se broers was Gabbai en Sallai. Daar was 928 mense van die Benjamin-stam.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Hulle hoof was Joël seun van Sikri. Juda seun van Senua het regeer oor die Tweede Stad.

Priesters en Leviete in Jerusalem

(Kyk ook 1 Kron 11:10-34)

10Van die priesters was daar Jedaja seun van Jojarib, Jakin en

11Seraja seun van Gilkija seun van Mesullam seun van Sadok seun van Merajot seun van Agitub. Agitub was die hoof-opsigter van die tempel.

12Daar was 822 priesters wat by die tempel gewerk het. Daar was ook Adaja seun van Jerogam seun van Pelalja seun van Amsai seun van Sagaria seun van Pasgur seun van Malkija

13en die ander priesters saam met hom. Hulle was 242 familiehoofde. Daar was ook Amassai seun van Asarel seun van Agsai seun van Mesillemot seun van Immer

14en die ander priesters saam met hom. Hulle was almal saam 128 en hulle was belangrike manne. Hulle hoof was Sabdiël seun van Gedolim.

15Van die Leviete was daar Semaja seun van Gassub seun van Asrikam seun van Gasabja seun van Bunni,

16en ook Sabbetai en Josabad, hoofde van die Leviete wat die werk buite die tempel gedoen het,

17en Mattanja, die leier van die koor wat die Here geprys het en vir Hom dankie gesê het. Mattanja was die seun van Miga seun van Sabdi seun van Asaf. Daar was ook Bakbukja, die tweede broer van Mattanja, en Abda seun van Sammua seun van Galal seun van Jedutun.

18Die Leviete in die gewyde stad was almal saam 284.

19Die poortwagte Akkub, Talmon en die ander Leviete wat die poorte opgepas het, was almal saam 172.

20Die ander Israeliete, en die ander priesters en Leviete was in die stede van Juda. Elkeen het op sy eie grond gewoon.

21Die tempel-slawe het op die Ofel gewoon. Hulle hoofde was Siga en Gisma.

22Die hoof van die Leviete in Jerusalem was Ussi seun van Bani seun van Gasabja seun van Mattanja seun van Miga. Hy was van die nageslag van Asaf. Asaf se nageslag was die mense wat moes sing terwyl die priesters die werk by die tempel gedoen het.

23Die koning van Persië het besluit dat hulle elke dag moet sing.

24Petagja was die koning van Persië se raadgewer oor dinge van die Israeliete. Petagja was die seun van Mesesabel van die nageslag van Serag seun van Juda.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die woonplekke buite Jerusalem

25 Party Judeërs het gewoon in plekke naby hulle grond. Hulle het gewoon in die stad
Kirjat-Arba en die dorpe daar naby, in die stad Dibon en die dorpe daar naby, in die
stad Kabseël en die woonplekke daar naby,

26 in die stede Jesua, Molada, Bet-Pelet,

27 en Gasar-Sual, in die stad Berseba en die dorpe daar naby,

28 in die stad Siklag, die stad Mekona en die dorpe daar naby,

29 in die stede En-Rimmon, Sora, Jarmut,

30 Sanoag, Adullam en die woonplekke daar naby, in die stad Lakis en in die veld daar
naby, in die stad Aseka en die dorpe daar naby. Hulle het gewoon van Berseba tot by
die Hinnom-vallei.

31 Die mense van die Benjamin-stam het gewoon in die stad Geba en verder, in die
stede Mikmas en Aja, in die stad Bet-El en die dorpe daar naby,

32 in die stede Anatot, Nob, Ananeja,

33 Gasor, Rama, Gittajim,

34 Gadid, Seboïm, Neballat,

35 Lod en Ono, en in Ambagsman-vallei.

36 Party groepe van die Leviete in die land Juda het gaan woon in die land Benjamin.

Nehemia 12

Die priesters en Leviete in die tyd toe Serubbabel goewerneur was

1 Hier is die name van die priesters en Leviete wat uit die land Babel teruggekom het
saam met Serubbabel seun van Sealtiël en saam met Jesua, Seraja, Jeremia en Esra:

2 Amarja, Malluk, Gattus,

3 Sekanja, Regum, Meremot,

4 Iddo, Ginnetoi, Abija,

5 Mijamin, Maädja, Bilga,

6 Semaja, Jojarib, Jedaja,

7 Sallu, Amok, Gilkija en Jedaja. Hulle was die hoofde van die priesters en hulle
families in die tyd toe Jesua hoëpriester was.

8 Die Leviete was Jesua, Binnuï, Kadmiël, Serebja, Juda en Mattanja. Mattanja en
ander saam met hom was die hoofde van die mense wat moes sing om vir die Here
dankie te sê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9 Die Leviete Bakbukja en Unni het voor hulle gestaan wanneer hulle gesing het.

Die hoëpriesters

10 Jesua was die pa van Jojakim, Jojakim was die pa van Eljasib, Eljasib was die pa van Jojada,

11 Jojada was die pa van Jonatan, en Jonatan was die pa van Jaddua.

Die hoofde van die priester-families in die tyd toe Jojakim die hoëpriester was

12 Die hoofde van die priester-families in die tyd toe Jojakim die hoëpriester was: Meraja was die hoof van die Seraja-familie, Gananja van die Jeremia-familie,

13 Mesullam van die Esra-familie, Joganan van die Amarja-familie,

14 Jonatan van die Malluki-familie, Josef van die Sebanja-familie,

15 Adna van die Garim-familie, Gelkai van die Merajot-familie,

16 Sagaria van die Iddo-familie, Mesullam van die Ginneton-familie,

17 Sikri van die Abija-familie, Piltai van die Minjamin-familie en van die Moadja-familie,

18 Sammua van die Bilga-familie, Semaja van die Joganan-familie,

19 Mattenai van die Jojarib-familie, Ussi van die Jedaja-familie,

20 Kallai van die Sallu-familie, Eber van die Amok-familie,

21 Gasabja van die Gilkija-familie en Netanel van die Jedaja-familie.

Die priesters en Leviete wie se name op die naamlys is

22 Die name van die Leviete se familiehoofde is geskryf op die naamlys in die tyd toe Eljasib, Jojada, Joganan en Jaddua die hoëpriesters was. Die name van die priesters is op die naamlys geskryf in die tyd toe Darius koning van die land Persië was. Darius was een van die mense van Persië.

23 Die name van die Leviete se familiehoofde is geskryf in die dagboeke tot in die tyd toe Joganan seun van Eljasib die hoëpriester was.

24 Die hoofde van die Leviete was Gasabja, Serebja en Jesua seun van Kadmiël. Die ander Leviete saam met hulle het voor hulle gestaan om die Here te prys en vir Hom dankie te sê. Dawid, die man van God, het gesê die twee groepe moet só oorkant mekaar staan.

25 Die ander hoofde van die Leviete was Mattanja, Bakbukja, Obadja en Mesullam. Talmon en Akkub was poortwagte wat die stoorkamers by die poorte opgepas het.

26 Hulle het dit gedoen in die tyd toe Jojakim, seun van Jesua seun van Josadak, die hoëpriester was. Dit was in die tyd toe Nehemia die goewerneur was en toe die sekretaris en priester Esra daar was.

© Bible Society of South Africa.

Hulle wy die muur van Jerusalem

27Toe hulle die muur van Jerusalem wou wy, het hulle die Leviete oral gesoek in die dorpe waar hulle gewoon het. Hulle het die Leviete na Jerusalem gebring. Die Leviete moes die muur wy en hulle moes feesvier, hulle moes die Here prys en musiek maak met simbale, met harpe en met liere.

28Hulle het die mense wat moes sing, bymekaar laat kom uit die plekke rondom Jerusalem, uit die woonplekke van die mense van Netofa,

29uit Bet-Gilgal en uit die velde rondom Geba en Asmawet. Die mense wat moes sing, het vir hulle woonplekke gebou rondom Jerusalem.

30Die priesters en die Leviete het hulleself gereinig, en daarna het hulle ook die ander mense, die poorte en die muur gereinig.

31Ek het gesê die leiers van Juda moet op die muur klim. Hulle moes in twee groot groepe staan om te sing. Die een groep moes op die muur na die suide toe loop tot by die Vullis-poort.

32Hosaja en die helfte van die leiers van Juda het agter daardie groep geloop,

33en ook Asarja, Esra, Mesullam,

34Juda en Benjamin, Semaja en Jeremia.

35Ná hulle het priesters geloop wat trompette geblaas het. Hulle was Sagaria seun van Jonatan seun van Semaja seun van Mattanja seun van Miga seun van Sakkur seun van Asaf,

36en die priesters Semaja, Asarel, Milalai, Gilalai, Maäi, Netanel, Juda en Ganani. Hulle het gespeel op die musiek-instrumente van Dawid, die man van God. Die sekretaris Esra het voor hulle geloop.

37By die Fontein-poort het hulle reguit opgegaan by die trappe van die Dawidstad, daar waar die muur boontoe gaan, en toe verby die paleis van Dawid tot by die Water-poort by die oostekant.

38Die ander groep mense wat moes sing, het na die ander kant geloop. Ek en die ander helfte van die mense het agter hulle geloop, op die muur oor die Bakoond-toring tot by die Breë Muur,

39oor die Efraim-poort, die Ou Poort, die Vis-poort, die Gananel-toring, die Toring-van-die-Honderd tot by die Skaap-poort, en by die Wag-poort het ons gaan staan.

40Daarna het die twee groepe wat moes sing, in die tempel gaan staan. Ek het ook daar gaan staan, en die helfte van die leiers het saam met my gaan staan.

41Die priesters Eljakim, Maäseja, Minjamin, Miga, Eljoënai, Sagaria en Gananja het die trompette geblaas,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

42en ook Maäseja, Semaja, Eleasar, Ussi, Joganan, Malkija, Elam en Eser. Die groepe het gesing, Jisragja was hulle leier.

43Die mense het daardie dag baie offers gebring. Hulle was bly, God het hulle baie bly gemaak. Die vroue en kinders was ook bly. ’n Mens kon van ver hoor hoe Jerusalem feesvier.

Die stoorkamers

44Hulle het daardie dag manne gekies en aangestel om die stoorkamers op te pas, die kamers waar hulle die presente gebêre het en ook die eerste koring en gars en vrugte, en die tiendes. Hulle moes in die stoorkamers die deel van die dinge bêre wat in die grond rondom die stede gegroei het en wat die priesters en Leviete moes kry. Die wette sê die priesters en die Leviete moet dit kry. Die mense van Juda het dit graag gegee vir die werk wat die priesters en Leviete gedoen het.

45Hulle het die werk vir hulle God gedoen en hulle het mense en dinge gereinig. Die mense wat moes sing en die poortwagte het hulle werk gedoen soos Dawid en sy seun Salomo gesê het.

46Lank gelede, in die tyd toe Dawid koning was en toe Asaf gelewe het, was daar ’n leier van die mense wat moes sing om vir God te prys en dankie te sê.

47In die tyd toe Serubbabel en Nehemia goewerneurs was, het al die Israeliete elke dag gesorg vir die mense wat moes sing en vir die poortwagte. Hulle het die gewyde presente vir die Leviete gewy, en die Leviete het die deel gewy wat die priesters moes kry.

Nehemia 13

Almal wat nie Israeliete is nie, moet weggaan

1Daardie dag het die mense gehoor dat die Boek van Moses sê: “Daar mag nooit Ammoniete of Moabiete in die volk van God wees nie,

2want hulle het nie vir die Israeliete kos en water gegee nie, en Balak het vir Bileam gehuur om die Israeliete te vervloek.” Ons God het gekeer dat Bileam die Israeliete vervloek, hy moes hulle seën.

3En toe die mense hoor wat die wette sê, het hulle gesê almal wat nie Israeliete is nie, moet weggaan.

Nehemia jaag vir Tobija weg by die tempel

4 Die priester Eljasib moes kyk dat alles reg is in die kamers by die tempel van ons God. Hy was familie van Tobija, en hy het voorheen

5vir Tobija ’n groot kamer gegee om in te woon. Dit was die kamer waarin hulle voorheen die koring vir die koring-offer gebêre het en ook die wierook en die gereedskap en die tiendes van koring, wyn en olyf-olie. Die Leviete en die mense

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

wat moes sing en die poortwagte moes die tiendes kry, en die priesters moes hulle eie deel van die tiendes kry.

6Ek was in daardie tyd nie in Jerusalem nie, want ek het teruggegaan na koning Artasasta van Babel. Dit was in die 32ste jaar nadat Artasasta koning geword het. Maar ná ’n tyd het ek vir die koning gevra of ek na Jerusalem mag gaan.

7Toe ek in Jerusalem kom, het ek gehoor dat Eljasib ’n verkeerde ding gedoen het. Eljasib het vir Tobija ’n kamer gegee langs die oop stuk grond by die tempel.

8Ek het gedink dit is baie verkeerd. Ek het Tobija se goed uit die kamer gegooi

9en ek het gesê die priesters moet die kamers reinig. Daarna het ek die tempel-gereedskap daar teruggesit en ook die koring en die wierook.

Nehemia laat die Leviete terugkom

10Ek het gehoor dat die Leviete nie kos gekry het nie, en dat hulle teruggegaan het na hulle grond om daar te werk. Die Leviete en die mense wat gesing het, moes die werk by die tempel doen.

11Ek het met die leiers geraas en vir hulle gesê: “Hoekom het julle nie die tempel netjies gehou en reggemaak nie?” Ek het die Leviete laat terugkom en ek het hulle weer daar laat werk.

12Al die mense van Juda het toe weer die tiendes van koring, wyn en olyf-olie na die stoorkamers gebring.

13Ek het mense gekies en aangestel oor die stoorkamers. Hulle moes die tiendes verdeel tussen die Leviete. Dit was die priester Selemja en die sekretaris Sadok en die Leviet Pedaja. Ganan seun van Sakkur seun van Mattanja moes hulle help. Ek het geweet hulle sal die werk goed doen.

14Ek het gebid en gesê: “My God, U moet onthou wat ek gedoen het. Ek het gedoen wat ek moes doen vir die tempel van my God en vir die werk daar, U moenie dit vergeet nie.”

Nehemia keer dat mense nie die Sabbatdag ontwy nie

15Ek het in daardie tyd in Juda gesien dat mense op die Sabbatdag werk. Hulle het die parskuipe getrap en ander mense het vragte koring op donkies gelaai en ook wyn en druiwe en vye en ander goed. Hulle het dit in Jerusalem ingebring op die Sabbatdag. Ek het vir hulle gesê hulle mag nie op die Sabbatdag goed verkoop nie.

16Daar het ook mense van Tirus gewoon in Jerusalem, en hulle het vis en ander goed op die Sabbatdag verkoop aan die mense van Juda en Jerusalem.

17Ek het geraas met die leiers van Juda en vir hulle gesê: “Hoekom doen julle hierdie verkeerde ding? Julle ontwy die Sabbatdag.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18Julle voorvaders het dit ook gedoen, en ons God het al hierdie slegte dinge laat gebeur met ons en met die stad. Julle maak Hom nog meer kwaad wanneer julle die Sabbatdag ontwy."

19Ek het toe dít gedoen: Ek het gesê hulle moet die poorte van Jerusalem sluit wanneer die Sabbatdag begin, en hulle moenie die poorte oopmaak voordat die Sabbatdag verby is nie. Ek het party van my manne by die poorte laat staan om te kyk dat daar nie goed inkom op die Sabbatdag nie.

20Die handelaars en die ander mense wat goed verkoop, het toe een of twee aande buite teen die muur van die stad geslaap.

21Ek het hulle gewaarsku en gesê: "Hoekom slaap julle hier teen die muur? As julle dit weer doen, dan sal ek julle straf." Hulle het toe nie weer op die Sabbatdag gekom nie.

22Ek het vir die Leviete gesê hulle moet hulleself reinig en by die poorte kom wagstaan, sodat die Sabbatdag 'n gewyde dag sal wees. Ek het gebid en gesê: "My God, U moet dit ook onthou, U moet goed wees vir my, U is altyd goed vir mense wat aan U behoort."

Nehemia sê die Judeërs mag nie trou met vroue wat nie Israeliete is nie

23Ek het ook in daardie tyd gesien dat party Judeërs vroue gehad het wat uit die stad Asdod gekom het of wat Ammoniete of Moabiete was.

24Party van hulle kinders het die taal van Asdod gepraat en die ander kinders het die tale van ander volke gepraat. Nie een kind kon die Judese taal praat nie.

25Ek het met daardie Judeërs geraas. Ek het hulle vervloek en hulle geslaan en hulle hare uitgetrek. Ek het gesê hulle moet belowe dat hulle nie hulle dogters sal laat trou met die seuns van die heidene nie en dat hulle nie hulle seuns sal laat trou met die dogters van die heidene nie. Hulle moes ook belowe om nie self met die heidene te trou nie, en ek het gesê God is die getuie.

26Ek het vir hulle gesê: "Koning Salomo van Israel het ook sonde gedoen toe hy getrou het met vroue wat nie Israeliete is nie. Ja, daar is nie 'n volk wat 'n beter koning gehad het as hy nie. God was lief vir hom en God het hom koning laat word oor die hele Israel, maar sy vroue wat nie Israeliete was nie, het hom sonde laat doen.

27En nou hoor ons dat julle hierdie baie verkeerde ding gedoen het en getrou het met vroue wat nie Israeliete is nie. Julle is ontrou aan ons God."

28'n Seun van Jojada, seun van die hoëpriester Eljasib, was getroud met 'n dogter van Sanballat die Goroniet. Ek het die seun weggejaag.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

29 Ek het gebid en gesê: “My God, U moet onthou dat hulle die werk
van priesters ontwy het. Hulle het nie gedoen wat die priesters en die Leviete
belowe het nie.”

30 Ek het alles weggevat wat nie reg is nie, en ek het vir die priesters en die Leviete
gesê hoe elkeen sy werk moet doen.

31 Ek het ook gesê wanneer die mense die hout en die eerste vrugte moet bring. Ek
het gebid en gesê: “My God, U moet dit onthou, U moet dit goed laat gaan met my.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Ester

Ester 1

Koning Ahasveros stuur die koningin weg

1Dit was in die tyd toe Ahasveros koning was. Hierdie koning Ahasveros was koning van 127 provinsies, van die land Indië tot by die land Kus.

2In die tyd toe koning Ahasveros regeer het, het hy gewoon in Susan, 'n stad wat sterk mure gehad het.

3In die derde jaar nadat hy koning geword het, het hy 'n fees gehou vir al sy amptenare en ministers. Die belangrike manne van die lande Persië en Medië was daar, en al die belangrikste amptenare van die provinsies.

4Die koning wou vir hulle wys dat hy 'n ryk en belangrike koning is. Die fees het 180 dae lank aangehou.

5Ná daardie fees het die koning almal wat in die stad Susan gewoon het, genooi om saam met hom fees te vier op die oop stuk grond in die tuin van sy paleis. Hierdie fees het sewe dae lank aangehou.

6Hulle het wit en blou lappe vasgemaak aan ringe aan marmer pilare. Hulle het die lappe vasgemaak met toue van linne en pers wol. Daar was banke van goud en silwer op 'n vloer van baie kosbare klip.

7Die mense het gedrink uit goue bekers, die bekers was nie almal dieselfde nie, en daar was baie wyn, die koning het so besluit.

8Elkeen kon drink so baie of so min soos hy wou drink. Die koning het gesê die paleis-amptenare moet vir die gaste sê hulle mag self besluit.

9Koningin Vasti het ook vir die vroue genooi om te kom eet in die paleis van koning Ahasveros.

10Op die sewende dag van sy fees het die koning vrolik gevoel van die wyn. Hy het die sewe manne geroep wat in die paleis vir hom gewerk het. Hulle was Mehuman, Bisseta, Garbona, Bigta, Abagta, Setar en Karkas.

11Die koning het gesê hulle moet vir koningin Vasti na hom toe bring, en sy moet haar kroon op haar kop dra. Hy wou vir al die amptenare en vir al die mense wys hoe mooi sy is. Sy was 'n baie mooi vrou.

12Maar koningin Vasti wou nie kom toe die koning haar laat roep het nie, en die koning het kwaad geword, baie kwaad.

13Hy het gepraat met die slim mense wat vir hom gehelp het om te besluit, want die koning het altyd vir die mense wat die wette geken het, gevra wat hy moet doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Die sewe amptenare van Persië en Medië was naby die koning. Hulle was Karsena, Setar, Admata, Tarsis, Meres, Marsena en Memukan. Hulle was die belangrikste amptenare in die land en hulle kon self met die koning praat.

15Die koning het vir hulle gevra: “Wat sê die wette, wat moet ek doen met koningin Vasti? Sy het nie geluister toe ek die manne gestuur het om haar te roep nie.”

16Memukan het vir die koning en die amptenare gesê: “Koningin Vasti het verkeerd gedoen teen die koning, en sy het ook verkeerd gedoen teen al die amptenare en teen al die mense in die provinsies van die koning.

17Al die vroue sal hoor wat die koningin gedoen het en hulle sal dink hulle mans is nie belangrik nie. Hulle sal sê: ‘Koning Ahasveros het vir koningin Vasti laat roep, en sy het nie gekom nie.’

18Die vroue van die leiers van Persië en Medië wat hoor wat die koningin gedoen het, sal vandag dieselfde sê vir hulle mans, daardie vroue sal dink hulle mans is nie belangrik nie, en dan sal hulle mans baie kwaad word.

19As die koning dink dit is reg, dan moet jy dit vandag sê, en jy moet ’n wet laat skryf in die wette van Persië en Medië. Die wet moet sê dat Vasti nie weer by jou mag kom nie. En jy moet ’n ander vrou kies en jy moet haar koningin maak, ’n vrou wat beter is as Vasti.

20As die mense in al die lande waaroor die koning regeer, hoor wat die koning gesê het, dan sal elke vrou haar man respekteer, dit maak nie saak of die man belangrik of onbelangrik is nie.”

21Die koning en die amptenare het gesê dit is goed, en die koning het gedoen wat Memukan gesê het.

22Die koning het gesê hulle moet briewe stuur na elke provinsie, en hulle moet die skrif en die taal gebruik van die mense van daardie provinsie. Die koning het gesê dat elke man die hoof moet wees in sy huis en dat hy moet doen wat die mense van sy volk gewoonlik doen.

Ester 2

Ester word koningin

1Later was die koning nie meer kwaad nie, maar hy het gedink aan Vasti en wat sy gedoen het en wat hy oor haar besluit het.

2Die jongmanne wat vir die koning gewerk het, het gesê die koning moet sê hulle moet vir hom mooi jongmeisies soek.

3Hy moet in al die provinsies waaroor hy regeer, mense kies en aanstel om al die mooi jongmeisies te soek, en hulle moet die meisies na die stad Susan bring. Die

© Bible Society of South Africa.

meisies moet bymekaarkom in die kamers vir die vroue, en Hegai, die amptenaar van die koning, sal die vroue daar oppas. Dan moet hulle al die meisies mooi maak,

4en die meisie van wie die koning die meeste hou, moet koningin word ná Vasti. Die koning het gedink dit is ’n goeie plan, en hy het dit gedoen.

5In die stad Susan was daar ’n man wat uit die land Juda gekom het. Sy naam was Mordegai. Hy was van die Benjamin-stam en hy was die seun van Jaïr seun van Simi seun van Kis.

6Toe koning Nebukadnesar van Babel vir koning Jojagin gevang en weggevat het na Babel, het hy vir Mordegai en sy familie ook saamgevat.

7Mordegai het ’n niggie gehad, sy was ’n weeskind. Mordegai het vir haar gesorg en haar grootgemaak. Haar naam was Hadassa, en hulle het haar ook Ester genoem. Sy was baie mooi. Mordegai het haar aangeneem toe haar ouers dood is en sy het Mordegai se dogter geword.

8Toe die amptenare hoor wat die koning besluit het, het hulle baie jongmeisies bymekaargemaak. Hulle het die meisies na die stad Susan geneem. Daar het Hegai vir die meisies gesorg. Ester was een van hierdie meisies. Hegai was die opsigter wat gekyk het dat alles reg is in die kamers waar die koning se vroue gewoon het.

9Hegai het gesien dat Ester baie mooi is, en hy het gehou van haar. Hy het dadelik gesorg dat sy die regte kos kry en dat hulle vir haar baie mooi maak. Hy het sewe meisies uit die paleis gekies om haar te help, en hy het vir haar en die meisies die beste kamers gegee om in te woon.

10Ester het nie gesê van watter volk sy is en wie haar familie is nie. Mordegai het gesê sy moet stilbly daaroor.

11Mordegai het elke dag by die kamers van die koning se vroue verbygeloop om uit te vind hoe dit met Ester gaan en wat hulle doen met haar.

12Hulle het elke meisie twaalf maande lank mooi gemaak, ses maande met mirre-olie en ses maande met balsem en ander mooimaakgoed. Wanneer dit ’n meisie se beurt was om by koning Ahasveros te kom,

13dan kon sy enige iets kry wat sy na die paleis wou saamneem, enige iets uit die kamers van die vroue.

14Die meisie het in die aand ingegaan in die paleis. Wanneer sy in die oggend terugkom, moes sy na ander kamers gaan waar die byvroue van die koning gewoon het. Die amptenaar Saäsgas het vir hierdie vroue gesorg. ’n Byvrou het net weer by die koning gekom as hy gesê het sy moet kom.

15Ester was die dogter van Abigajil, Mordegai se oom. Mordegai het haar aangeneem, sy was soos Mordegai se eie dogter. Toe dit Ester se beurt was om na

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die koning toe te gaan, het sy niks gevra wat sy wou saamneem nie. Sy het net die klere saamgeneem wat die amptenaar Hegai gesê het. Hegai was die opsigter wat die vroue van die koning opgepas het. Almal wat vir Ester gesien het, het gehou van haar.

16Ester het by koning Ahasveros in sy paleis gekom in die tiende maand, die maand Tebet, in die sewende jaar nadat hy koning geword het.

17Die koning het baie lief geword vir Ester, meer lief as vir al die ander vroue. Hy het meer van haar gehou as van die ander meisies. Hy het ’n kroon op haar kop gesit en hy het haar die koningin gemaak. Voorheen was Vasti die koningin.

18Die koning het ’n groot fees gehou vir al sy amptenare en ministers. Dit was ’n fees vir Ester. Die koning het gesê die mense van die provinsies moet ’n tyd lank nie belasting betaal nie en hy het vir baie mense presente gegee.

19Toe die amptenare die meisies bymekaargebring het, was Mordegai ’n amptenaar by die paleis.

20Ester het nie gesê wie haar familie is en van watter volk sy is nie. Mordegai het gesê sy moenie vir hulle sê nie, en Ester was nou ook so gehoorsaam soos toe sy grootgeword het by hom.

21In die tyd toe Mordegai ’n amptenaar was by die paleis van die koning, het twee amptenare van die koning kwaad geword vir koning Ahasveros en hulle het besluit om die koning te vermoor. Hulle was wagte wat die koning moes oppas.

22Mordegai het gehoor wat hulle wil doen, en hy het dit vir koningin Ester gesê. Sy het vir die koning gaan sê wat Mordegai gesê het.

23Die koning het gesê sy amptenare moet kyk of dit waar is, en hy het die twee mans laat ophang aan ’n paal. Hy het gesê sy amptenare moet dit in sy dagboek skryf.

Ester 3

Haman wil al die Judeërs doodmaak

1Later het koning Ahasveros vir Haman seun van Hammedata ’n belangrike man gemaak. Haman was van die nageslag van Agag. Die koning het vir Haman ’n belangrike amptenaar gemaak, sy stoel het hoër gestaan as die ander amptenare se stoele.

2Die koning het gesê al die amptenare in die paleis moet voor Haman buig en hulle moet op die grond gaan lê voor hom. Maar Mordegai het dit nie gedoen nie.

3Die ander amptenare in die paleis het vir Mordegai gevra: “Hoekom doen jy nie wat die koning gesê het nie?”

© Bible Society of South Africa.

4Hulle het elke dag met Mordegai daaroor gepraat. Mordegai het vir hulle gesê dat
hy nie wil buig nie omdat hy ’n Judeër is. Toe Mordegai nie wou luister nie, het hulle
dit vir Haman vertel, hulle wou sien of Mordegai sal aanhou om nie te buig nie.

5Haman het baie kwaad geword toe hy hoor dat Mordegai nie voor hom wil buig nie
en dat hy nie op die grond wil gaan lê nie.

6Maar Haman het gedink dit is nie genoeg om net vir Mordegai te straf nie. Haman
het gehoor aan watter volk Mordegai behoort, hy het gehoor dat Mordegai ’n Judeër
is. Toe het Haman planne gemaak om al die Judeërs dood te maak in al die lande
waaroor Ahasveros regeer het.

7Haman het gesê sy mense moet die “pur” gooi, dit beteken hulle het lootjies getrek.
Hy het dit gedoen in die eerste maand, die maand Nisan, in die twaalfde jaar nadat
Ahasveros koning geword het. Hy wou weet op watter dag en in watter maand hy
die Judeërs moet laat doodmaak. Die lootjies het gewys die twaalfde maand, die
maand Adar.

8Toe het Haman vir koning Ahasveros gesê: “Daar is ’n volk wat oral tussen ander
volke woon in al die provinsies waaroor jy regeer. Daardie volk het ander wette as
die ander volke en hulle is nie gehoorsaam aan die wette van die koning nie. Die
koning mag hulle nie los nie, hulle mag nie aanhou doen wat hulle doen nie.

9Koning, as jy dink dit is reg, dan moet jy ’n wet maak om die Judeërs almal dood te
maak. Dan sal ek 10 000 talente silwer gee wat jou amptenare by jou ander geld kan
bêre.”

10Die koning het sy seël afgehaal en hy het dit vir Haman seun van Hammedata
gegee. Haman was van die nageslag van Agag en hy was die vyand van die Judeërs.

11Die koning het vir Haman gesê: “Jy mag die silwer hou, en jy mag met daardie volk
doen wat jy wil.”

12Haman het die koning se sekretarisse laat roep op die dertiende dag van die eerste
maand. Hy het gesê hulle moet briewe skryf vir die hoof-amptenare van die koning
en vir die goewerneurs van elke provinsie en vir die amptenare van elke volk. Hulle
het die briewe geskryf en hulle het die skrif van elke provinsie en die taal van elke
volk gebruik. Hulle het geskryf wat Haman gesê het. Hulle het geskryf dat die briewe
van koning Ahasveros kom en hulle het die seël van die koning op die briewe gesit.

13Vinnige boodskappers het die briewe geneem na elke provinsie van die koning. In
die briewe was geskryf dat die mense al die Judeërs moet doodmaak, al die
jongmense en die oumense, al die kinders en die vroue. Die koning het ook gesê dat
die mense al die Judeërs se goed moet vat. Dit moes gebeur op een dag, op die
dertiende dag van die twaalfde maand, dit is die maand Adar.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Die koning het dit besluit en dit moes ’n wet word in elke provinsie. Al die mense moes daarvan weet, sodat hulle gereed kon wees op daardie dag.

15Die koning het gesê die boodskappers moet gou maak, en hulle het dit gedoen. Toe die mense in die stad Susan hoor wat die koning besluit het, was hulle baie geskok en ontsteld. Maar die koning en Haman het gaan sit en hulle het wyn gedrink.

Ester 4

1Mordegai het uitgevind wat gebeur het. Hy het sy klere geskeur, hy het rouklere aangetrek en as op sy kop gegooi. Hy het deur die stad geloop en hy het baie hard gehuil.

2Hy het gegaan tot voor die paleis van die koning, want mense mag nie in die paleis ingegaan het wanneer hulle rouklere gedra het nie.

3Die Judeërs het begin rou, in elke provinsie, op elke plek waar hulle gelees het oor die besluit van die koning en die wet. Hulle het gevas en hulle het hard gehuil en gekla, en baie Judeërs het rouklere aangetrek en as op hulle koppe gegooi.

4Die jongmeisies en die amptenare by Ester het vir haar vertel wat Mordegai doen. Die koningin het groot geskrik en sy het vir Mordegai klere gestuur sodat hy sy rouklere kon uittrek. Maar Mordegai wou nie die klere neem nie.

5Toe roep Ester vir Hatak. Hatak was ’n amptenaar van die koning, en die koning het gesê hy moet vir Ester werk. Ester het vir Hatak gesê hy moet na Mordegai toe gaan en hy moet uitvind wat Mordegai doen en hoekom hy dit doen.

6Hatak het na Mordegai toe gegaan op die oop stuk grond voor die paleis van die koning,

7en Mordegai het vir hom vertel wat alles met hom gebeur het. Hy het ook gesê presies hoeveel silwer Haman belowe het om vir die koning se amptenare te gee. Hulle moes dit vir die koning bêre as hy al die Judeërs sal laat doodmaak.

8Mordegai het vir Hatak een van die briewe gegee wat die koning oral in die stad Susan vir die mense gestuur het. In die briewe het die koning geskryf wat hy besluit het. Mordegai het gesê Hatak moet die brief vir Ester wys en vir haar alles vertel. Hy moet ook vir haar sê sy moet na die koning toe gaan en sy moet vir hom vra dat hy jammer moet wees vir haar mense en dat hy hulle nie moet laat doodmaak nie.

9Hatak het vir Ester gaan sê wat Mordegai gesê het,

10en Ester het vir Hatak gesê hy moet vir Mordegai gaan sê:

11“Al die koning se mense en almal in die provinsies van die koning weet dat enige iemand, ’n man of ’n vrou, net na die koning toe mag gaan op die oop stuk grond binne-in die paleis wanneer die koning hom laat roep. As iemand na die koning toe

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

gaan maar die koning het hom nie geroep nie, dan is daar een wet vir almal: Daardie persoon moet sterf. Hy sal net aanhou lewe as die koning sy goue septer na hom toe uitsteek. Die koning het my nog nie laat roep nie, en vandag is 30 dae klaar verby."

12Hulle het vir Mordegai vertel wat Ester gesê het,

13en toe het Mordegai gesê hulle moet vir Ester antwoord en sê: "Jy moenie dink dat jy vry sal wegkom omdat jy in die koning se huisgesin is nie, jy sal saam met die ander Judeërs sterf.

14Want as jy regtig wil stilbly in hierdie tyd, dan sal Iemand anders vir die Judeërs help. Hulle sal vry wegkom, maar jy en jou familie sal sterf. Hoekom dink jy het jy koningin geword? Miskien het dit gebeur sodat jy jou volk kan help in so 'n moeilike tyd."

15Ester het toe gesê hulle moet vir Mordegai gaan sê:

16"Jy moet al die Judeërs in die stad Susan laat bymekaarkom en julle moet vas en dink aan my. Julle moet drie dae lank niks eet of drink nie, elke dag en nag. Ek en my jongmeisies sal ook vas, en daarna sal ek na die koning toe gaan. Dit is teen die wet, ek mag dit nie doen nie, maar as ek moet sterf, dan is dit goed."

17Mordegai het gegaan en hy het alles gedoen wat Ester gesê het.

Ester 5

1Drie dae later het Ester haar koningin-klere aangetrek en sy het op die oop stuk grond binne-in die paleis gaan staan. Dit was oorkant die kamer van die koning. Die koning het op sy troon gesit oorkant die deur van die kamer.

2Toe die koning vir koningin Ester daar op die oop stuk grond sien staan, was hy dadelik vriendelik met haar. Hy het 'n goue septer in sy hand gehad, en hy het dit na haar toe uitgesteek. Sy het nader gekom en aan die punt van die septer geraak.

3Die koning vra toe vir haar: "Koningin Ester, wat is dit, wat wil jy vir my vra? Jy mag enige iets vir my vra. As jy die helfte van die lande vra waaroor ek regeer, dan sal ek dit ook vir jou gee."

4Ester het gesê: "As die koning dink dit is reg, dan moet die koning en Haman vandag saam met my kom eet."

5Die koning het dadelik vir Haman laat roep, sodat hulle kon doen wat Ester gevra het. Hulle het saam gegaan om die kos te gaan eet wat Ester gereedgemaak het.

6Terwyl hulle wyn gedrink het, het die koning weer vir Ester gesê: "Ek sal vir jou alles gee wat jy wil vra, ek sal doen wat jy wil hê, ook as jy die helfte van die lande vra waaroor ek regeer."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7-8Ester het geantwoord: “As die koning van my hou en as die koning wil doen wat ek
wil hê, dan moet die koning en Haman môre weer saam met my kom eet. Ek sal dan
vir die koning sê wat ek wil hê.”

9Haman was bly en gelukkig toe hy daardie dag uit die paleis gaan. Maar toe sien hy
dat Mordegai voor die paleis sit, en Mordegai het nie opgestaan en gewys dat hy vir
Haman respekteer nie. Haman was baie kwaad vir Mordegai,

10maar hy het nie gewys dat hy kwaad is nie. Haman het huis toe gegaan en hy het sy
vrou Seres en sy vriende laat roep.

11Hy het gespog en gesê dat hy baie ryk is en baie seuns het en dat die koning hom ’n
belangrike man gemaak het, belangriker as al die ander amptenare en die ministers
van die koning.

12Haman het ook gesê: “Koningin Ester het net vir my gevra om saam met die koning
by haar te kom eet, sy het vir niemand anders gevra nie. En sy het gevra dat ek môre
weer saam met die koning by haar moet kom eet.

13Maar ek sal nie regtig gelukkig voel as ek nog sien dat Mordegai, die Judeër, voor
die paleis sit nie.”

14Haman se vrou Seres en al sy vriende sê toe: “Jy moet sê hulle moet ’n paal in die
grond plant. Die paal moet 50 el hoog wees, en dan moet jy môre vir die koning vra
dat hulle vir Mordegai moet ophang aan die paal. Dan sal jy gelukkig voel wanneer jy
saam met die koning na koningin Ester gaan.” Haman het gedink dit is ’n goeie plan,
en hy het gesê hulle moet die paal in die grond plant.

Ester 6

1Daardie nag kon die koning nie slaap nie. Hy het gesê hulle moet die dagboek bring,
die boek waarin hulle die geskiedenis geskryf het, alles wat gebeur het. Hulle het vir
die koning gelees uit die boek.

2Hulle lees toe dat Mordegai vertel het dat Bigtana en Teres vir koning Ahasveros
wou vermoor. Bigtana en Teres was amptenare van die koning, hulle
was poortwagte.

3Die koning vra toe: “Wat het ons gedoen om vir Mordegai te wys dat hy belangrik
is?” Die jongmanne wat vir die koning bedien het, sê toe: “Ons het niks vir hom
gedoen nie.”

4Die koning vra toe: “Is daar iemand op die oop stuk grond?” Haman het daardie tyd
op die oop stuk grond van die paleis gekom. Hy wou vir die koning vra om vir
Mordegai op te hang aan die paal wat hy laat plant het.

5Die koning se jongmanne sê toe vir die koning: “Haman staan daar op die oop stuk
grond.” En die koning sê: “Sê vir hom hy moet inkom.”

© Bible Society of South Africa.

6Toe Haman inkom, vra die koning vir hom: “Haman, wat dink jy moet ons doen vir
iemand wanneer die koning vir hom wil wys dat hy belangrik is?” Haman het gedink:
Vir wie wil die koning wys dat hy belangrik is? Ek is seker dit is ek.

7Hy sê toe vir die koning: “Wanneer die koning vir iemand wil wys dat hy belangrik is,

8dan moet hulle koningsklere bring wat die koning self gedra het. Hulle moet ook ’n
perd bring waarop die koning gery het, ’n perd wat ’n kroon op sy kop het.

9Hulle moet die klere en die perd gee vir een van die belangrikste amptenare van die
koning. Hy moet dan die klere vir daardie persoon aantrek, die persoon vir wie die
koning wil wys dat hy belangrik is. Die amptenaar moet daardie belangrike persoon
op die perd laat ry oor die oop stuk grond in die stad en hy moet skree: ‘Dit is wat
ons doen met iemand wanneer die koning wil wys dat hy belangrik is.’ ”

10Die koning sê toe vir Haman: “Maak gou! Neem die klere en die perd en doen soos
jy gesê het met die Judeër Mordegai wat voor die paleis sit. Jy moet alles doen wat jy
gesê het.”

11Haman het die klere en die perd geneem en hy het die klere vir Mordegai
aangetrek. Hy het vir Mordegai oor die oop stuk grond in die stad laat ry en hy het
geskree: “Dit is wat ons doen met iemand wanneer die koning wil wys dat hy
belangrik is.”

12Daarna het Mordegai teruggegaan na die paleis, en Haman het vinnig huis toe
gegaan. Hy het gerou en hy het sy kop toegemaak met ’n doek.

13Hy het vir sy vrou Seres en al sy vriende vertel wat met hom gebeur het. Sy slim
manne en sy vrou Seres het toe vir hom gesê: “Die koning het jou verneder voor
Mordegai. Mordegai is ’n Judeër, en daarom sal jy niks teen hom kan doen nie. Hulle
sal jou nog meer verneder, dit is seker.”

Die koning sê hulle moet vir Haman ophang

14Terwyl hulle besig was om te praat, het die amptenare van die koning daar gekom.
Hulle het Haman vinnig geneem om die kos te gaan eet wat Ester gereedgemaak het.

Ester 7

1Die koning en Haman het by koningin Ester kom eet.

2Terwyl hulle op die tweede dag wyn gedrink het, het die koning weer vir Ester
gevra: “Koningin Ester, ek sal vir jou enige iets gee wat jy vra, ek sal doen wat jy wil
hê, ook as jy die helfte van die lande vra waaroor ek regeer.”

3Koningin Ester het geantwoord: “Koning, dit is wat ek vra en wat ek wil hê: As jy van
my hou en as jy dit wil doen, dan vra ek dat ek en my volk mag aanhou lewe.

4Want iemand het ons verkoop, hy het my en my volk verkoop. Hy wil ons vermoor,
hy wil hê dat niemand van ons moet oorbly nie. As hy ons verkoop het om slawe

© Bible Society of South Africa.

en slavinne te word, dan sou ek stilgebly het en dan sou ek nie die koning daaroor gepla het nie."

5Toe sê koning Ahasveros vir koningin Ester: "Wie is dit? Waar is die persoon wat hierdie planne gemaak het?"

6En Ester sê: "Dit is hierdie slegte man Haman. Hy is ons vyand!"

7Die koning was baie kwaad. Hy het opgestaan van die tafel en hy het na die tuin van die paleis gegaan. Haman het daar gebly staan en hy het gesoebat dat koningin Ester moet help om sy lewe te spaar, want hy het gesien dat die koning klaar besluit het dat daar niks goed met hom sal gebeur nie.

8Toe die koning uit die tuin terugkom na die eetkamer, sien hy dat Haman teen die bank lê waarop Ester sit, en die koning sê: "Wil jy nou ook die koningin verkrag? Wil jy dit doen hier by my in my paleis?" Toe die koning dit gesê het, het hulle Haman se gesig toegemaak.

9Garbona, een van die amptenare, sê toe: "Daar staan die paal by Haman se huis, hy het die paal vir Mordegai laat inplant. Die paal is 50 el hoog. Maar Mordegai is die man wat vir die koning gered het toe hy vertel het dat die amptenare die koning wil vermoor." Die koning het gesê: "Julle moet vir Haman ophang aan die paal."

10Hulle het vir Haman opgehang aan die paal wat hy laat inplant het om vir Mordegai op te hang. Die koning was toe tevrede.

Ester 8

Mordegai word die belangrikste amptenaar van die koning

1Koning Ahasveros het dieselfde dag Haman se huis vir koningin Ester gegee, Haman was die vyand van die Judeërs. Mordegai het die belangrikste amptenaar van die koning geword, want Ester het vir die koning gesê dat Mordegai haar neef is.

2Die koning het sy seël afgehaal en hy het dit vir Mordegai gegee, dit was die seël wat hy voorheen weggeneem het van Haman. Ester het vir Mordegai gesê hy moet die bestuurder van Haman se huis wees.

Die koning sê dat die Judeërs hulleself moet verdedig

3Daarna het Ester weer met die koning gaan praat. Sy het voor hom gaan lê en sy het gehuil. Sy het vir hom gevra dat hy moet keer dat die planne van Haman, die man van die nageslag van Agag, nie slaag nie, want Haman het slegte planne teen die Judeërs gemaak.

4Die koning het die goue septer na Ester toe uitgesteek, en Ester het opgestaan en voor die koning gaan staan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Sy het gesê: “As die koning dink dit is goed, en as jy dink dit is reg, dan moet jy asseblief iets doen vir my. As jy lief is vir my, dan moet jy sê dat jy die briewe van Haman stop. Haman, die man van die nageslag van Agag, het die briewe geskryf, want hy wou die Judeërs in al die provinsies van die koning laat doodmaak.

6Ek wil nie hê dat so ’n slegte ding met my volk gebeur nie. Ek wil nie hê dat hulle my familie doodmaak nie.”

7Koning Ahasveros het vir koningin Ester en vir die Judeër Mordegai gesê: “Julle weet dat ek Haman se huis vir Ester gegee het en dat hulle vir Haman aan die paal opgehang het omdat hy gesê het dat hulle die Judeërs moet doodmaak.

8Niemand kan ’n brief terugtrek as dit van die koning kom en as sy seël daarop is nie. Daarom moet julle nou self briewe skryf oor die Judeërs, julle moet skryf soos julle dink is goed. Julle mag sê die briewe kom van die koning en julle mag die seël van die koning op die briewe sit.”

9In daardie tyd, in die derde maand, die maand Siwan, op die 23ste dag van die maand, het Mordegai die sekretarisse van die koning laat roep. Hulle moes skryf wat Mordegai sê, hulle moes skryf aan die Jode, aan die hoof-amptenare, die goewerneurs en die amptenare in die 127 provinsies van die land Indië, tot by die land Kus. Hulle moes skryf aan elke provinsie en aan elke volk. Hulle moes elke volk se eie skrif en sy eie taal gebruik. Hulle moes ook die Judeërs se eie skrif en taal gebruik.

10Mordegai het geskryf dat die briewe van die koning kom en hy het die seël van die koning op die briewe gesit. Boodskappers het op vinnige perde van die koning gery om die briewe weg te neem na al die provinsies.

11In die briewe was geskryf dat die koning vir die Judeërs in elke stad sê dat hulle bymekaar mag kom om te veg om hulle lewe te beskerm. Daar was ook geskryf dat hulle al die manne mag doodmaak wat vir hulle aanval, dit maak nie saak van watter volk of provinsie die manne kom nie. Hulle mag ook die manne se vroue en kinders doodmaak, en hulle mag daardie manne se goed vat.

12Dit moes gebeur in al die provinsies van koning Ahasveros, op één dag, op die 13de dag van die twaalfde maand, die maand Adar.

13Die boodskappers moes briewe na elke provinsie neem en al die mense moes weet dat dit ’n wet van die koning is. Die Judeërs moes op daardie dag gereed wees om hulle vyande te straf.

14Die boodskappers het gery op vinnige perde van die koning. Die koning het gesê hulle moet gou maak. Die mense in die stad Susan het gehoor wat die koning gesê het

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15en hulle het gejuig en feesgevier. Toe Mordegai weggaan van die koning, het hy koningsklere en ’n groot goue kroon gedra, die koningsklere was van blou wol-materiaal en linne. Sy bo-kleed was van pers wol-materiaal en fyn linne.

16Die Judeërs kon weer hoop. Hulle was bly en vrolik, hulle het geweet dat hulle belangrik is vir die koning.

17In elke provinsie en elke stad waar hulle gehoor het wat die koning besluit het, was die Judeërs bly en vrolik. Hulle het feesgevier, dit was vir hulle ’n goeie dag. Baie van die ander mense het gesê dat hulle ook Judeërs is, want hulle was baie bang vir die Judeërs.

Ester 9

Die Judeërs oorwin hulle vyande

1Dit was in die twaalfde maand, die maand Adar, op die 13de dag van die maand. Die mense het gehoor wat die koning besluit het. Die vyande van die Judeërs het gehoop dat hulle op daardie dag die Judeërs sal oorwin, maar dit het nie gebeur nie, die Judeërs het toe die mense aangeval, hulle het die mense oorwin wat vir hulle gehaat het.

2Die Judeërs het bymekaargekom in al hulle stede in die provinsies van koning Ahasveros. Hulle het die mense aangeval wat wou hê dat dit sleg moet gaan met die Judeërs, en niemand kon hulle keer nie, want al die mense was bang vir hulle.

3Al die amptenare in die provinsies en die hoof-amptenare en die goewerneurs, almal wat vir die koning gewerk het, het vir die Judeërs gehelp, want hulle was bang vir Mordegai.

4Dit was omdat Mordegai die belangrikste amptenaar in die paleis geword het. Die mense in al die provinsies het geweet van hom. Mordegai het meer en meer belangrik geword.

5Die Jode het hulle vyande aangeval en hulle het almal doodgemaak, hulle het gedoen wat hulle wil met die mense wat vir hulle gehaat het.

6Die Judeërs het 500 mense in die stad Susan doodgemaak.

7-10Hulle het ook die tien seuns van Haman doodgemaak. Die seuns was Parsandata, Dalfon, Aspata, Porata, Adalja, Aridata, Parmasta, Arisai, Aridai en Wajesata. Haman was die seun van Hammedata, hy was die vyand van die Judeërs. Maar die Judeërs het nie hulle vyande se goed vir hulleself gevat nie.

11Toe die koning daardie dag hoor hoeveel mense in Susan dood is,

12het hy vir koningin Ester gesê: “Die Judeërs het hier in die stad Susan 500 persone doodgemaak, en ook die tien seuns van Haman. Ek wonder hoeveel mense hulle in

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die ander provinsies doodgemaak het. Wat wil jy nog vir my vra? Ek sal dit vir jou gee. Jy moet sê wat jy nog wil hê, en ek sal dit doen."

13Ester het geantwoord: "As die koning dink dit is reg, dan moet jy vir die Judeërs in Susan sê dat hulle môre dieselfde mag doen wat hulle vandag gedoen het. En jy moet die tien seuns van Haman laat ophang aan die paal."

14Die koning het gesê dit is goed, en die mense in Susan het gehoor wat hy besluit het. Hulle het die tien seuns van Haman opgehang.

15Die Judeërs in Susan het ook op die 14de dag van die maand Adar bymekaargekom en hulle het nog 300 mense in Susan doodgemaak. Maar hulle het nie hulle vyande se goed vir hulleself gevat nie.

16Die Judeërs in die ander provinsies van die koning het ook bymekaargekom om hulleself te verdedig. Hulle het gewen teen al hulle vyande en hulle het 75 000 mense doodgemaak wat vir hulle gehaat het. Maar hulle het nie hulle vyande se goed vir hulleself gevat nie.

17Dit was op die 13de dag van die maand Adar. Op die 14de dag het hulle gerus, en hulle het besluit dat daardie dag 'n feesdag moet wees. Hulle was vrolik op daardie dag.

18Maar die Judeërs in die stad Susan het op die 13de én op die 14de dag bymekaargekom en hulle het op die 15de dag gerus. Daarom het hulle besluit dat die 15de dag 'n feesdag moet wees. Hulle was vrolik op daardie dag.

19Daarom het die Judeërs wat woon in die stede wat nie mure het nie, die 14de dag 'n feesdag gemaak. Dit is 'n vakansiedag en hulle stuur dan kospakkies vir mekaar.

20Mordegai het al hierdie dinge opgeskryf, en hy het briewe geskryf vir die Jode in al die provinsies van koning Ahasveros. Hy het geskryf vir die Jode wat naby was en ook vir die Jode wat ver was.

21Mordegai het gesê hulle moet elke jaar op die 14de en die 15de dag van die maand Adar feesvier.

22Die Judeërs moet op daardie dae onthou dat hulle al hulle vyande oorwin het. Hulle moet ook onthou dat dit die maand is wanneer hulle hartseer sou gewees het en sou gerou het, maar dit het só verander dat hulle bly kon wees en kon feesvier. Dit was nou dae wanneer hulle vir mekaar kospakkies stuur en vir arm mense presente gee.

23Die Judeërs het aangehou om te doen wat hulle begin doen het, soos Mordegai vir hulle geskryf het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Haman seun van Hammedata, van die nageslag van Agag, was die vyand van die Judeërs. Hy wou die Judeërs almal doodmaak. Hy het die “pur” gegooi, dit beteken hy het lootjies getrek om te weet op watter dag hy hulle almal moet laat doodmaak.

25Maar toe het Ester by die koning gekom, en die koning het anders besluit. Hy het gesê hulle moet skryf dat die slegte plan wat Haman teen die Judeërs gemaak het, met homself moet gebeur. Hulle het toe vir Haman en sy seuns aan die paal opgehang.

26Daarom noem hulle hierdie feesdae Purim, want hulle het die “pur” gegooi, dit beteken hulle het lootjies getrek. Die Judeërs vier fees op hierdie dae omdat Mordegai dit so geskryf het in sy brief en omdat dit alles so met hulle gebeur het.

27Die Judeërs het besluit dat hulle en hulle nageslag en almal wat Judeërs word, hierdie twee dae altyd sal vier op die regte tyd.

28Elke geslag, elke familie, elke provinsie, elke stad, sal op hierdie dae altyd feesvier. Die Judeërs en hulle nageslag sal hierdie dae van Purim nie vergeet nie.

29Koningin Ester, dogter van Abigajil, en die Judeër Mordegai het geskryf en gesê dat die Judeërs alles moet doen wat in hierdie tweede brief oor die Purimfees geskryf is.

30Mordegai het die briewe gestuur na al die Judeërs in die 127 provinsies van koning Ahasveros. Hy het geskryf dat hy wil hê hulle moet veilig wees en vrede hê.

31Hy het ook gesê dat die Judeërs hierdie twee dae van die Purimfees op die regte tyd moet vier soos hy en koningin Ester besluit het en soos die Judeërs self besluit het. Hy het gesê dat hulle nageslag dit ook moet doen. Mordegai het ook geskryf hoe die Judeërs moet vas en rou.

32Ester het besluit hoe hulle die Purimfees moet vier, en hulle het dit geskryf in ’n boek.

Ester 10

1Koning Ahasveros het die mense in die land en op die eilande vir hom laat werk.

2Al die groot en belangrike dinge wat hy gedoen het, is geskryf in die dagboeke van die konings van Medië en Persië. Die verhaal van die belangrike werk wat die koning vir Mordegai gegee het, is ook in die dagboeke geskryf.

3Want die Judeër Mordegai was die tweede belangrikste persoon ná koning Ahasveros. Die Judeërs het hom gerespekteer, en amper al sy mense was lief vir hom. Mordegai het hard gewerk vir sy volk en hy het gebid en gevra dat dit goed moet gaan met sy hele nageslag.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Job

Job 1

Die goeie man Job

1 Daar was ’n man in die land Us. Sy naam was Job. Hy was ’n goeie man, hy was
eerlik, hy het God gedien en hy het nie verkeerd gedoen nie.

2 Job het sewe seuns en drie dogters gehad.

3 Hy het 7 000 skape en bokke gehad, 3 000 kamele, 1 000 beeste, 500 donkies en
baie slawe. Hierdie man was ryker as al die Oosmense.

4 Sy seuns het graag partytjies gehou in hulle huise, elke seun het ’n beurt gekry. Dan
het hulle boodskappers gestuur en hulle het hulle susters genooi om saam te kom
eet en drink.

5 Wanneer ’n partytjie verby was, dan het Job vir sy kinders laat weet dat hulle
hulleself moet wy. Hy het vroeg opgestaan en hy het vir elke kind ’n brand-offer
gebring, want hy het gedink: Miskien het my kinders sonde gedoen en vir
God vervloek. Job het dit altyd gedoen wanneer ’n partytjie verby was.

Die Satan praat met die Here

6 Eendag het die engele voor die Here kom staan. Die Satan het saam met hulle
gekom.

7 Die Here het vir die Satan gevra: “Waar was jy?” Die Satan het gesê: “Ek het oral op
die wêreld rondgegaan.”

8 Toe vra die Here vir die Satan: “Het jy my dienaar Job gesien? Daar is niemand in
die wêreld soos hy nie. Hy is ’n goeie man, hy is eerlik, hy dien My en hy doen nie
verkeerd nie.”

9 Die Satan het vir die Here gesê: “Ek weet hoekom Job vir U dien, hy doen dit omdat
hy baie van U kry.

10 U het hom beskerm en ook sy huisgesin en alles wat hy het. U het dit goed laat
gaan met alles wat hy gedoen het, hy het ryk geword.

11 Maar as U iets wegvat wat hy het, dan sal hy vir U sê hy vervloek U, dit is seker.”

12 Toe sê die Here vir die Satan: “Jy mag doen wat jy wil met alles wat Job het, maar
jy mag niks doen aan homself nie.” Die Satan het toe weggegaan van die Here.

Job verloor alles wat hy het

13 Eendag het die kinders van Job partytjie gehou in die huis van hulle oudste broer.

14 Toe kom daar ’n slaaf by Job, en hy sê: “Die slawe en die beeste het geploeg, en
die donkies het daar naby gewei,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15toe kom die Sabeërs skielik en hulle vat al die beeste en die donkies. Hulle het die slawe doodgemaak, net ek het vry weggekom om dit vir jou te kom vertel."

16Terwyl die slaaf besig was om te praat, kom daar 'n ander slaaf en hy sê: "Die weerlig het die skape en die bokke doodgeslaan, en ook die slawe wat by hulle was. Net ek het vry weggekom om dit vir jou te kom vertel."

17Terwyl daardie slaaf besig was om te praat, kom daar 'n ander slaaf en hy sê: "Drie groepe Galdeërs het skielik gekom en hulle het die kamele gevat en die slawe doodgemaak wat by die kamele was. Net ek het vry weggekom om dit vir jou te kom vertel."

18Terwyl daardie slaaf besig was om te praat, kom daar 'n ander slaaf en hy sê: "Jou kinders was besig om partytjie te hou in hulle oudste broer se huis,

19toe kom daar skielik 'n sterk wind van die woestyn en dit waai die huis om. Die vier mure van die huis het op die kinders geval, en hulle is almal dood. Net ek het vry weggekom om dit vir jou te kom vertel."

20Job het opgestaan en hy het sy bo-kleed geskeur en sy hare afgeskeer. Hy het gaan lê met sy gesig teen die grond

21en hy het gesê: "Ek het niks gehad toe ek gebore is nie en ek sal niks hê wanneer ek sterf nie. Die Here het gegee en die Here het geneem. Ek prys die Naam van die Here!"

22Terwyl dit alles gebeur het, het Job nie sonde gedoen nie, hy het nie gesê dat God iets verkeerd gedoen het nie.

Job 2

Die Satan praat weer met die Here

1Eendag het die engele weer voor die Here kom staan. Die Satan het saam met hulle gekom om voor God te kom staan.

2Die Here het vir die Satan gevra: "Waar was jy?" Die Satan het gesê: "Ek het oral op die wêreld rondgegaan."

3Toe vra die Here vir die Satan: "Het jy my dienaar Job gesien? Daar is niemand in die wêreld soos hy nie. Hy is 'n goeie man, hy is eerlik, hy dien My en hy doen niks verkeerd nie. Hy het nie verkeerd gedoen nie, maar jy het gesê Ek moet hom laat swaarkry. En hy hou aan om heeltemal reg te doen."

4Toe sê die Satan vir die Here: "Maar Job self is nog sterk en gesond. 'n Mens sal alles wat hy het, gee om te kan lewe.

5Maar as U iets doen aan Job se liggaam, dan sal hy U vervloek, dit is seker."

© Bible Society of South Africa.

6Die Here het vir die Satan gesê: “Jy mag doen met Job wat jy wil, maar jy mag hom nie doodmaak nie.”

Job word siek

7Die Satan het weggegaan van die Here en hy het vir Job siek gemaak. Job het slegte sere aan sy hele liggaam gekry.

8Job het ’n stuk van ’n kleipot geneem, hy het homself daarmee gekrap, en hy het op ’n ashoop gaan sit.

9Sy vrou het vir hom gesê: “Hoekom hou jy aan om ’n goeie man te wees? Jy moet vir God vervloek. Dan kan jy sterf.”

10Maar Job het vir sy vrou gesê: “Jy praat nou soos ’n dwaas. Ons aanvaar die goeie dinge wat God vir ons gee, ons moet ook die slegte dinge aanvaar wat Hy vir ons gee.” Terwyl alles gebeur het, het Job niks verkeerd gesê nie.

Drie vriende kom na Job toe

11Drie van Job se vriende het gehoor van die slegte dinge wat met hom gebeur het. Elkeen het van sy woonplek gekom, Elifas het van die land Teman gekom, Bildad van die land Suag en Sofar van die land Naäma. Hulle het saam besluit om vir Job te wys dat hulle jammer is vir Job, hulle wou hom troos.

12Toe hulle nog ver van Job was en hulle sien hom, het hulle hom nie geken nie, Job het anders gelyk. Hulle het hard begin huil. Hulle het hulle klere geskeur en hulle het stof op hulle koppe gegooi.

13Job se vriende het sewe dae en sewe nagte lank by Job op die grond gesit. Hulle het niks met hom gepraat nie, want hulle het gesien dat hy baie swaar kry.

Job 3

Job vervloek die dag toe hy gebore is

1Ná die sewe dae het Job begin praat. Hy het die dag vervloek toe hy gebore is.

2Job het gesê:

3“Ek wens die dag was nooit daar nie, die dag toe ek gebore is. Ek wens die nag was nooit daar nie, die nag toe iemand gesê het daar is ’n seun gebore.

4Ek wens daardie dag het donker gebly, God daarbo moes nie daardie dag vir my gegee het nie, daar moes nie lig geskyn het op daardie dag nie.

5Daardie dag moes donker gebly het, baie donker, wolke moes dit toegemaak het, die son moes donker gebly het.

6Daardie nag moes donker gebly het, dit moes nie een van die dae van die jaar geword het nie, dit moes nie een van die dae in ’n maand geword het nie.

7Daardie nag moes die laaste nag gewees het, niemand moes toe bly gewees het nie.

© Bible Society of South Africa.

[8]Die mense wat dae vervloek, die mense wat weet hoe om die Leviatan wakker te maak, hulle moes ook daardie dag vervloek het.

[9]Die sterre wat vroeg die oggend begin skyn het, moes donker gebly het. Dit moes nie lig geword het toe die nag gewag het vir die lig van die vroeë oggend nie.

[10]Hoekom? Want die nag het nie gekeer dat ek gebore word en begin het om swaar te kry nie.

[11]Hoekom het ek nie gesterf voordat ek gebore is nie? Of hoekom het ek nie dadelik gesterf nadat ek gebore is nie?

[12]Hoekom het my ma my op haar knieë gesit en my laat drink?

[13]As dit nie gebeur het nie, dan het ek stil in die graf gelê, dan het ek geslaap en gerus

[14]saam met die konings en die slim mense van die aarde, die mense wat vir hulleself stede gebou het van hope klippe.

[15]Dan het ek geslaap en gerus saam met die belangrike mense wat goud en huise vol silwer gehad het,

[16]of ek sou glad nie daar gewees het nie, soos ’n baba wat doodgebore is en wat iemand weggesteek het, soos ’n kind wat nooit die lig gesien het nie.

[17]Daar in die doderyk kan die mense wat verkeerd doen, nie meer probleme maak nie, daar rus almal wat moeg is.

[18]Daar kan die gevangenes rustig en stil wees, die voormanne raas nie meer met hulle nie.

[19]Daar is kinders en grootmense saam, en slawe is daar vry van hulle eienaars.

[20]Hoekom het God lig gegee vir iemand wat net swaarkry? Hoekom het Hy iemand laat lewe wat altyd ongelukkig is,

[21]iemand wat wens dat hy sterf, maar die dood kom nie? Hoekom laat God iemand lewe wat graag wil sterf en wat nie wil soek na kosbare goed nie,

[22]iemand wat baie bly sal wees wanneer hy in die graf kan gaan lê?

[23]Hoekom laat God iemand lewe wat nie weet wat met hom sal gebeur nie omdat God hom afgesny het van alles?

[24]Ek kan nie eet nie, ek hou aan om te sug en te kla,

[25]want ek was bang vir baie dinge, en dit alles het gebeur met my.

[26]Ek kan nie stil en rustig wees nie, ek kan nie rus nie, ek hou aan om bekommerd te wees.”

© Bible Society of South Africa.

Job 4

Elifas praat met Job

1Elifas van die land Teman het begin praat. Hy het gesê:

2“Job, jy sal miskien nie daarvan hou dat ek vir jou iets probeer sê nie. Maar ek kan nie stilbly nie.

3Luister na my, jy het vir baie mense geleer hoe hulle moet lewe, jy het mense wat moedeloos was, weer sterk gemaak,

4Party mense wou val, maar jy het hulle gehelp om regop te bly, jy het hulle sterk gemaak om aan te hou lewe.

5Maar nou gaan dit sleg met jóú, en nou is jy moedeloos, nou gebeur dit met jou, en nou is jy bang.

6Jy het altyd vir God gedien, jy was ’n goeie man, jy het heeltemal reg gelewe. Daarom moet jy nou hoop en weet dat dit weer beter sal gaan.

7Dink ’n bietjie hieroor: Is daar iemand wat onskuldig was en gesterf het? Is daar ’n eerlike mens wat verdwyn het?

8Ek sien dat dit sleg gaan met die mense wat slegte dinge doen, ek sien dat die mense wat ander mense wil laat swaarkry, self swaarkry.

9God word kwaad vir hulle, en hulle sterf, God vee hulle weg van die aarde.

10Leeus kan brul en raas, maar as ’n leeu sy tande verloor,

11dan kan hy niks vang nie, dan gaan hy dood van die honger, en sy welpies loop oral rond.

12“Ek het gehoor dat iemand sag praat, ek kon nie baie goed hoor wat hy sê nie.

13Dit was toe ek gedroom het, toe almal vas geslaap het.

14Ek het geskrik en ek het bang geword, my hele liggaam het gebewe.

15’n Wind het oor my gewaai, die hare op my liggaam het regop gestaan.

16Daar het iemand gestaan, ek kon nie sien wie hy is nie, maar ek het gehoor dat hy sê:

17‘Sal God kan sê dat ’n mens reg lewe? Sal ’n mens onskuldig kan wees voor die Een wat hom gemaak het?

18Nee, God weet dat sy dienaars in die hemel nie altyd doen wat hulle moet doen nie, Hy weet dat sy engele ook foute maak.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Die mense wat Hy gemaak het van klei en van stof, maak nog meer foute, ’n mens kan daardie mense plat druk soos motte.

20Mense sterf elke dag, hulle verdwyn vir altyd, en niemand sien dit nie.

21Hulle sterf en hulle is weg en hulle het nie wysheid gekry nie.’

Job 5

1Job, jy kan skree, maar niemand sal jou antwoord nie. Nie een van die engele sal wil luister na jou nie.

2’n Dwaas, ’n dom mens, kla en hy word kwaad, maar dit laat hom sterf.

3Ek het self gesien dat dit begin goed gaan met ’n dwaas, maar dan het ek dadelik gesê dat dit sleg sal gaan met sy huisgesin.

4Dit gaan nooit goed met ’n dwaas se kinders nie, mense doen nie reg aan hulle nie, en daar is niemand wat hulle red nie.

5Mense wat honger en dors is, eet die koring wat die dwaas afsny, hulle haal die koring uit tussen die dorings, hulle probeer alles vat wat die dwaas het.

6Dit is nie die stof of die grond wat dit sleg laat gaan en wat mense laat swaarkry nie,

7nee, mense word gebore om swaar te kry, hulle lewe is gou verby, dit is soos vuurvlamme wat gou verdwyn.

8Maar ek? Ek sal bid tot God wanneer dit sleg gaan met my, ek sal Hom vra om my te help.

9Hy doen groot dinge wat ons nie kan verstaan nie, Hy doen wonderwerke, meer as wat ons kan tel.

10Hy gee reën op die aarde, Hy laat die veld nat word daar buite.

11Hy maak nederige mense belangrik, Hy laat dit weer goed gaan met mense wat rou.

12God maak die planne van skelm mense deurmekaar, die dinge wat hulle doen, slaag nie.

13Hy vang die slim mense met hulle eie skelm planne, Hy keer die planne van mense wat wil bedrieg.

14Dit word vir hulle donker wanneer dit dag is, in die middel van die dag voel hulle waar hulle moet loop.

15Maar God red die mens wat niks het nie, Hy red hom van die mense wat hom beskuldig, Hy red hom van die mense wat sterker is as hy.

© Bible Society of South Africa.

16Daarom kan die arm mens weer begin hoop, en niemand kan verkeerde dinge doen aan hom nie.

17"'n Mens is gelukkig wanneer God vir hom leer. Wanneer die Almagtige vir jou wil leer hoe om te lewe, dan moet jy luister.

18Want God maak seer, maar Hy bind die seerplek weer toe, Hy slaan stukkend, maar Hy maak die stukkende plek weer gesond.

19Hy sal jou elke maal weer red, Hy sal keer sodat niks sleg met jou gebeur nie.

20Wanneer die kos min is, dan sal Hy keer sodat jy nie sterf nie. Wanneer daar oorlog is, dan sal hy keer sodat vyande nie vir jou doodmaak nie.

21Hy sal jou beskerm wanneer mense sleg praat van jou, jy sal nie bang wees wanneer dit gevaarlik is nie.

22Wanneer dit gevaarlik is, en daar is hongersnood, dan sal jy lag, jy sal nie bang wees vir die wilde diere nie.

23Die klippe in die veld sal jou nie seermaak nie, die wilde diere sal jou nie pla nie.

24Jy sal weet dat jy veilig is in jou tent, jy sal sien dat niks weg is wanneer jy na jou weiveld kyk nie.

25Jy sal weet dat jy 'n groot nageslag het, jou afstammelinge sal so baie wees soos die gras in die veld.

26Jy sal sterf en in die graf kom ná 'n gelukkige lewe, jy sal soos 'n koring-gerf na die dorsvloer gaan wanneer dit die regte tyd is.

27Dit is wat ons uitgevind het, dit is hoe dit is, jy moet luister en jy moet dit self weet."

Job 6

Job sê die pyle van die Almagtige is in hom

1Daarna het Job begin praat. Hy het gesê:

2"As ek al my swaarkry op 'n weegskaal kan weeg,

3dan sal dit swaarder wees as die sand by die see. Daarom het ek gepraat voordat ek goed gedink het,

4want die pyle van die Almagtige is in my, ek drink van die gif van die pyle. God het my baie bang laat word.

5'n Wildedonkie balk nie wanneer hy gras het om te eet nie, 'n bees bulk nie by sy kos nie.

6'n Mens eet nie kos sonder sout nie, die wit van 'n eier smaak nie lekker nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Ek sal dit nie eet nie, dit is kos wat my siek sal maak.”

Job vra hoe hy nog kan aanhou lewe

8“Ek wens dat God vir my sal gee wat ek vra, ek wens dat Hy sal doen wat ek wil hê.

9God moet besluit om my stukkend te trap, Hy moet sy hand uitsteek en my doodmaak.

10Dan sal ek tevrede wees, my pyn sal aanhou, maar ek sal nog altyd bly wees, want ek het nie stilgebly oor wat die heilige God gesê het nie.

11Waar sal ek die krag kry om aan te hou lewe? Hoe kan ek aanhou lewe totdat my tyd daar is om te sterf?

12Ek is nie so hard soos klip nie, my liggaam is nie gemaak van koper nie.

13Nee, ek het niks krag nie, ek kan myself nie help nie.”

Job sê sy vriende is ontrou

14“As dit vir iemand te swaar is om vir sy vriende te doen wat hy moet doen, dan respekteer hy nie meer die Almagtige nie.

15My vriende is ontrou, hulle is soos ’n watersloot.

16Wanneer die ys en die sneeu smelt, dan vloei die waterstrome,

17maar wanneer dit warm word, dan vloei die water nie meer nie en die sloot word droog.

18Mense wat verbykom op die pad, gaan na die sloot, maar hulle kry niks water nie, hulle sterf van die dors.

19 Handelaars uit die lande Tema en Skeba hoop dat hulle daar water sal kry,

20maar hulle bly dors, hulle het water kom soek, maar hulle het niks gekry nie.

21Ek kry by julle ook niks. Toe julle sien hoe sleg dit met my gaan, het julle bang geword.

22Is dit omdat ek vir julle gevra het om iets vir my te gee? Het ek vir julle gevra om omkoopgeld te betaal om my vry te maak?

23Het ek gevra dat julle moet help om my vry te laat wegkom van ’n vyand? Het ek gevra dat julle my moet loskoop van wrede mense?”

Job sê hy het nog altyd reg gedoen

24“Julle moet vir my sê wat ek moet doen, dan sal ek stilbly. Ek wil weet wat ek verkeerd gedoen het, julle moet dit vir my sê.

25As julle eerlik praat, dan sal ek nie seerkry nie, maar die dinge wat julle vir my sê, beteken niks.

© Bible Society of South Africa.

26Dink julle dat die dinge wat ek sê, verkeerd is? Wil julle nie hoor wat ’n moedelose mens sê nie?

27Julle sal lootjies trek oor ’n weeskind, julle sal julle vriend verkoop.

28Maar kyk nou in my oë, ek sal nie vir julle lieg nie.

29Julle moet asseblief ophou om my te beskuldig, julle moet ophou, ek het nog altyd reg gedoen.

30Het ek verkeerde dinge gesê? Dink julle ek het nog nie swaargekry nie?”

Job 7

Job sê hy kan niks hoop nie

1“’n Mens moet hard werk op die aarde, sy dae is so lank soos ’n dagloner se dae.

2’n Mens is soos ’n slaaf wat wens dat hy in die skaduwee kan kom, hy wag vir sy beloning, soos ’n dagloner.

3So het God vir my ook maande en nagte lank laat swaarkry.

4Wanneer ek gaan lê, dan vra ek: ‘Wanneer kan ek opstaan?’ Maar die nag is lank, en ek hou aan om rond te rol totdat dit lig word.

5My hele liggaam is vol wurms en stof, my vel bars, en die vuil bloed vloei daaruit.

6My dae gaan vinniger verby as ’n wewerspoel, my lewe is amper verby, ek kan niks hoop nie.

7Onthou, my lewe is soos die wind, dit sal nie weer goed gaan met my nie.

8Die oë wat my nou sien, sal my nie weer sien nie. Terwyl julle kyk na my, sal ek skielik nie meer daar wees nie.”

Job vra hoekom God hom nie los nie

9“’n Wolk word kleiner en dit verdwyn. So verdwyn iemand wat sterf, hy kom nie op uit die doderyk nie.

10Hy kom nie terug na sy huis nie, die mense van sy woonplek onthou hom nie meer nie.

11Daarom kan ek nie my mond hou en stilbly nie, ek moet praat, want ek kry swaar. Ek moet kla, want dit gaan sleg met my.

12Is ek regtig so gevaarlik soos die see of soos ’n watermonster? Ek vra dit, want U staan wag by my.

13Wanneer ek dink dat dit beter sal gaan met my as ek op my bed gaan lê, en dat ek dan nie so sleg sal voel nie,

© Bible Society of South Africa.

14dan laat U my skrik vir die dinge wat ek droom, dan laat U my bang word vir die dinge wat ek sien wanneer ek droom.

15Dit sal vir my beter wees wanneer iemand my verwurg. Dit is beter vir my om dood te wees as om so te lewe.

16Ek haat dit om so te lewe, ek wil nie aanhou lewe nie. U moet my los, my lewe is nie soos dit moet wees nie.

17Hoekom is ’n mens vir U belangrik, hoekom dink U aan hom?

18Hoekom kyk U elke dag wat hy doen, hoekom hou U aan om hom te toets?

19Hoekom kyk U nie weg van my nie, hoekom los U nie vir my nie? Gee vir my tyd sodat ek my spoeg kan insluk!

20As ek sonde gedoen het, wat kan ek aan U doen, U wat aanhou kyk wat ’n mens doen? Hoekom het U my geskiet, hoekom wil U my nie meer dra nie?

21Hoekom vergewe U nie my sonde nie, hoekom vergeet U nie dat ek verkeerd gedoen het nie? Ek sal nou in die stof gaan lê, ek sal sterf, en U sal my soek, maar ek sal nie daar wees nie.”

Job 8

Bildad praat met Job

1Bildad van die land Suag het begin praat. Hy het vir Job gesê:

2“Hoe lank wil jy aanhou om hierdie dinge te sê? Wanneer jy praat, dan is dit soos ’n sterk wind wat waai.

3God, die Almagtige, doen net wat reg is.

4As jou kinders sonde gedoen het teen Hom, dan het Hy hulle gestraf oor hulle sonde.

5Jy moet vir God, die Almagtige, vra om genadig te wees vir jou.

6As jy regtig onskuldig en eerlik is, ja, dan sál Hy luister na jou en Hy sal weer vir jou die dinge gee wat jy moet kry.

7Toe jy begin het, het jy min gehad, maar jy sal baie kry.

8Vra vir mense wat ouer is as jy, vra hoe dit gegaan het met hulle voorvaders.

9Want ons wat gister gebore is, ons weet niks, ons lewe op die aarde gaan gou verby, soos ’n skaduwee.

10Die ouer mense sal vir jou leer, hulle sal vir jou sê wat hulle weet.

11 Riete groei net waar die grond nat is, hulle groei waar daar water is.

© Bible Society of South Africa.

12As daar nie water is nie, dan word die riete droog voordat die gras droog word, die riete word droog voordat dit groot is, voordat ’n mens dit kan afsny.

13So gaan dit met ’n mens wat vir God vergeet. ’n Mens wat nie vir God wil dien nie, kan niks hoop nie.

14Hy is soos iemand wat dink dat hy aan ’n dun draadjie kan hang, soos iemand wat dink ’n spinnerak kan sy huis wees.

15As hy teen so ’n huis wil lê, dan gly die huis weg, as hy daaraan wil vashou, dan is dit nie daar nie.

16Hy is soos ’n jong plant in die son. Die plant se blare hang oor die tuin,

17en sy wortels gaan tussen hope klippe in, dit groei vas aan die klippe.

18Maar wanneer iemand die plant uittrek, dan sê die mense: ‘Ons het die plant nooit gesien nie.’

19Hy het min gehad waaroor hy bly kon wees, en daar groei ander plante uit die grond.

20Jy moet weet, God sal nie ’n mens los wat heeltemal reg doen nie, en Hy sal nie slegte mense help nie.

21Hy sal jou weer gelukkig maak, Hy sal jou laat sing omdat jy bly is.

22Dit sal sleg gaan met die mense wat vir jou haat, die huis van mense wat verkeerd doen, sal nie bly staan nie.”

Job 9

Job sê hy is onskuldig maar God hou aan om hom seer te maak

1Job het weer gepraat. Hy het gesê:

2“Ja, ja ek weet dit is so. Hoe kan ’n mens regverdig wees voor God?

3As iemand met God hof toe wil gaan, dan sal hy nie vir God kan antwoord nie, nie een maal nie, ook as God 1 000 vrae vir hom vra.

4God het wysheid en Hy is baie sterk. Wie was opstandig teen Hom en het geslaag? Niemand.

5Hy skuif berge, en hulle weet dit nie, Hy gooi berge om wanneer Hy kwaad is.

6Hy skud die aarde, dit bly nie waar dit is nie, en die pilare van die aarde bewe.

7Wanneer Hy sê die son moet ophou om te skyn, dan hou dit op om te skyn. Hy laat ook die sterre stilstaan.

8Net Hy trek die hemel styf soos ’n tent, net Hy loop op die branders van die see.

9Hy het die Beer en Orion gemaak, die Sewe-ster en die sterre wat suid in die lug is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10 God doen groot dinge, mense verstaan dit nie, Hy doen so baie wonderwerke dat
niemand dit kan tel nie.

11 Julle moet dit weet: Wanneer Hy by my verbygaan, dan kan ek Hom nie sien nie.
Wanneer Hy verder loop, dan weet ek dit nie.

12 Ja, wanneer Hy iets wil wegvat, dan kan niemand Hom keer nie. Wie mag vir God
vra: 'Wat doen U nou?'

13 Hy hou nie op om kwaad te wees nie, almal wat vir Rahab wou help, moes buig
voor Hom.

14 Hoe kan ek Hom antwoord? Wat moet ek sê wanneer ek met Hom praat?

15 Ek is onskuldig, maar ek kan Hom nie antwoord nie. Ek kan net bid dat Hy,
my Regter, genadig sal wees vir my.

16 As ek geroep het, en Hy het my geantwoord, dan sal ek nie glo dat Hy luister na my
nie.

17 Hy druk my stukkend met 'n stormwind, Hy hou aan om my seer te maak, maar ek
het nie verkeerd gedoen nie.

18 Hy gee nie vir my tyd om weer asem te kry nie, Hy laat my meer en meer swaarkry.

19 Wanneer ons kyk wie is die sterkste, dan sien ons dat Hy die Een is wat sterk is.
Wanneer ons kyk wie reg gedoen het, wie kan dan hof toe gaan met Hom? Niemand.

20 Ek is onskuldig, maar alles wat ek sê, wys dat ek skuldig is. Ek het heeltemal reg
gelewe, maar Hy sê ek is skuldig.

21 Ek het heeltemal reg gelewe, maar nou ken ek myself nie, ek is jammer dat ek
lewe.

22 Dit is alles dieselfde, daarom sê ek: God verwoes almal, die mense wat reg gelewe
het én ook die mense wat verkeerd gelewe het.

23 Wanneer daar skielik 'n slegte ding gebeur, dan sterf onskuldige mense, maar God
lag daaroor.

24 Hy laat mense wat verkeerd doen, regeer oor die aarde. Hy keer sodat die regters
nie kan sien wat verkeerd is nie. As dit nie Gód is wat dit doen nie, wie doen dit?"

Job sê daar is niemand wat kan besluit of God reg is en of Job reg is nie

25 "Die dae van my lewe gaan vinniger verby as iemand wat hardloop, hulle is verby
voordat ek iets kon geniet.

26 Hulle gaan so vinnig verby soos bote van biesies, soos 'n aasvoël wat afduik na sy
kos.

27 Wanneer ek sê ek wil ophou om te kla, ek wil glimlag en vrolik wees,

© Bible Society of South Africa.

28dan word ek bang oor al my pyn, want ek weet U sal nie sê dat ek onskuldig is nie.

29U sal sê ek is skuldig, hoekom sal ek dan aanhou probeer? Dit help my niks.

30Wanneer ek my was met sneeuwater, wanneer ek my hande skoon was met seep,

31dan sal God my weer in ’n moddergat gooi, en ek sal so vuil wees dat my klere nie aan my liggaam wil bly nie.

32Ja, Hy is nie ’n mens soos ek nie, ek kan Hom nie antwoord nie, ek kan nie vir Hom sê dat ons hof toe moet gaan nie.

33Daar is niemand wat kan luister na wat ons altwee sê nie, niemand wat kan besluit wie is reg nie, God of ek.

34Hy moet ophou om my te slaan, Hy moenie aanhou om my bang te maak vir Hom nie,

35dan sal ek kan praat en ek sal nie bang wees vir Hom nie, maar nou kan ek nie praat nie.”

Job 10

Job sê God weet dat Job nie verkeerd gedoen het nie

1Job het gesê: “Ek het naar geword oor my lewe, ek sal sê hoekom ek kla, ek sal praat en sê hoe bitter ek is.

2Ek sal vir God sê: U moenie sê ek is skuldig nie, U moet vir my sê hoekom U my voor U, die Regter, wil bring.

3Dink U dit is reg dat U my verdruk? U self het my gemaak, maar U wys dat U dink ek is nie belangrik nie. Nee, U laat dit goed gaan met die planne van mense wat verkeerd doen.

4Het U mens-oë, kyk U soos mense kyk?

5Is u lewe so kort soos mense se lewens, is u jare so min soos ’n mens se jare?

6Hoekom probeer U kyk wat ek verkeerd gedoen het, hoekom soek U sonde by my?

7Is dit omdat U weet dat ek nie verkeerd gedoen het en dat niemand my van U kan red nie?

8U self het my gemaak, en nou wil U my doodmaak.

9U moet onthou, U het my gemaak soos ’n mens iets van klei maak. Wil U my nou laat teruggaan na die stof?

10U het my gemaak soos ’n mens melk uitgooi en dit dikmelk laat word,

© Bible Society of South Africa.

11U het vir my vel en vleis gegee en U het my bene en senings aan mekaar vasgemaak.

12U het vir my lewe gegee, U het vir my gedoen wat U moes doen, U het vir my gesorg,

13maar ek weet nou wat U wou doen, U het dit altyd weggesteek.

14U kyk wanneer ek sonde doen. As ek verkeerd doen, dan sal U nie sê dat ek onskuldig is nie.

15As ek verkeerd gedoen het, dan sal dit sleg gaan met my, en as ek onskuldig is, dan sal U my nie vryspreek nie. Ek kry baie swaar, dit gaan net sleg met my.

16Wanneer ek sterk voel, dan jag U my soos ’n leeu en dan wys U vir my dat U sterker is.

17U bring elke maal nuwe getuies teen my, U word meer en meer kwaad vir my, dit is soos wanneer U ’n leër teen my sal stuur.

18Hoekom het U gesê ek moet gebore word? Ek wens dat ek gesterf het voordat iemand my gesien het,

19dan was ek nooit daar nie, hulle sou my na die graf gedra het dadelik nadat ek gebore is.

20My lewe is baie kort, God moet my los, Hy moet my los sodat dit ’n bietjie beter kan gaan met my

21voordat ek weggaan om nie weer terug te kom nie, weggaan na die donker, die baie donker land,

22die land waar dit altyd donker is, baie donker, die land waar alles deurmekaar is, waar lig soos donker is.”

Job 11

Sofar praat met Job

1Sofar van die land Naäma het begin praat. Hy het gesê:

2“Jy het baie gepraat, en iemand moet jou antwoord, niemand moet dink dat jy reg was toe jy dit alles gesê het nie.

3Ons kan nie stilbly wanneer jy al hierdie dinge sê nie, jy het gespot, en iemand moet wys dat jy verkeerd is.

4Jy sê jy verstaan dinge reg, jy sê God weet dat jy onskuldig is.

5Ek wens dat God self wil antwoord, ek wens dat Hy met jou wil praat

© Bible Society of South Africa.

6en dat Hy die geheime van die wysheid vir jou wil vertel, want ware wysheid het baie geheime. Jy moet weet dat God jou nie straf oor alles wat jy verkeerd gedoen het nie.

7Kan jy uitvind hoe groot God is, kan jy uitvind of daar ’n plek is waar die Allerhoogste God nie regeer nie?

8Jy kan soek, hoër as die hemel, dieper as die doderyk, maar jy sal nie kan uitvind hoe groot God is nie.

9Jy sal dit ook nie kan uitvind as jy verder soek as die aarde en die see nie.

10Wie kan vir God keer wanneer Hy verbykom en Hy sluit iemand toe in die tronk en Hy roep mense bymekaar om die persoon te oordeel?

11Want God ken skynheilige mense, Hy weet wanneer iemand verkeerd doen.

12’n Dwaas kan nie verstandig word nie, en ’n wildedonkie se vul is nie ’n mens wanneer hy gebore word nie.

13Job, as jy verstandig wil wees en jy steek jou hande uit na God en jy bid,

14as jy ophou om verkeerd te doen en daar is nooit sonde in jou huis nie,

15dan sal jy onskuldig wees, jy sal nie skaam wees nie. Jy sal sterk wees en jy sal vir niks bang wees nie.

16Want jy sal vergeet dat jy swaargekry het, jy sal dink dat dit soos water is wat verbygevloei het.

17Die lig sal weer skyn in jou lewe, die donker dinge sal verander in lig.

18Jy sal weer kan hoop, jy sal rondkyk en dan sal jy rustig gaan slaap.

19Jy sal gaan lê en jy sal vir niemand bang wees nie, mense sal graag jou vriende wees.

20Maar mense wat verkeerd doen, sal niks meer kan sien nie, hulle sal nie kan vlug nie, hulle sal net wag om te sterf.”

Job 12

Job sê sy vriende lag vir hom

1Job het geantwoord, hy het gesê:

2“Is dit waar, is julle nou die enigste mense wat wysheid het!

3Ek het ook verstand soos julle, ek is nie dommer as julle nie. Almal weet die dinge wat julle sê.

© Bible Society of South Africa.

4My vriende lag nou vir my. Ek het na God geroep en gevra dat Hy my moet antwoord. Ek het heeltemal reg gelewe, maar hulle lag vir my.

5As iemand self lekker lewe, dan dink hy dat hy kan spot met ’n man wat swaarkry, hy dink dat hy kan trap op ’n man wat val.

6Die mense wat alles wil verwoes, woon stil en rustig, hulle is nie bekommerd nie. Die mense wat vir God kwaad maak, voel veilig, hulle dink dat hulle met God kan doen wat hulle wil.”

Job sê die diere en die plante kan vir sy vriende leer

7“Maar jy moet vir die diere vra, hulle sal vir jou leer, die voëls sal dit vir jou sê,

8jy moet vir die plante op die grond vra, hulle sal vir jou leer, die visse sal dit vir jou sê.

9Hulle almal weet dat die Here hierdie dinge laat gebeur,

10die Here besluit of ’n mens sal lewe, Hy besluit of ’n mens sal asemhaal.

11Ons het ore om te hoor wat woorde beteken, ons het tonge om te proe hoe kos smaak.

12Die wysheid kom wanneer jy oud geword het, jy word verstandig ná baie jare.”

Job sê die Here weet wat Hy doen

13“Maar dit is die Here wat wysheid het en wat sterk is. Dit is Hý wat weet wat Hy doen.

14Wanneer Hy afbreek, dan kan niemand bou nie. Wanneer Hy ’n mens toesluit, dan kan niemand oopmaak nie.

15Wanneer Hy dit nie laat reën nie, dan is dit droog. Wanneer Hy reën stuur, dan verander die aarde.

16Die Here is sterk, Hy het ware wysheid, Hy regeer oor die mense wat ander mense bedrieg. Hy regeer ook oor die mense vir wie hulle bedrieg.

17Hy laat raadgewers van konings arm word, Hy laat regeerders dom dinge doen.

18Hy maak die bande los waarmee konings mense bind en Hy laat konings self die klere dra van slawe.

19Hy laat priesters arm word en Hy laat mense val wat dink dat hulle sterk is.

20Hy laat mense stilbly wat vir ander mense kan sê wat hulle moet doen en Hy keer sodat leiers nie goed kan dink nie.

21Hy verneder belangrike mense en Hy keer sodat sterk mense nie goed kan veg nie.

22Hy laat mense moeilike dinge verstaan, Hy maak lig waar dit donker is.

© Bible Society of South Africa.

23Hy laat volke belangrik word en Hy laat hulle verdwyn, Hy laat volke groot word en
Hy besluit wat met hulle sal gebeur.

24Hy laat die leiers van ’n land se mense onverstandig word, hulle weet nie wat hulle
doen nie.

25Hulle word soos mense wat in die donker loop, soos dronk mense wat nie weet
waarnatoe hulle gaan nie.”

Job 13

Job sê hy wil met God praat, die vriende moet stilbly

1Job het gesê: “Ja, ek het self gesien wat gebeur, ek het dit gehoor en ek het dit
verstaan.

2Ek weet ook die dinge wat julle weet, ek is so slim soos julle.

3Maar ek wil praat met die Almagtige, ek wil hê dat God moet hoor wat ek vir Hom
wil sê.

4Want júlle hou aan om leuens te vertel, nie een van julle kan dit beter laat gaan met
my nie.

5Dit sal beter wees as julle stilbly, dan sal ’n mens kan dink dat julle wysheid het.

6Julle moet asseblief luister na wat ek sê, julle moet probeer verstaan wat ek wil sê.

7Julle mag nie verkeerde dinge sê en dan sê dat julle praat om vir God te help nie.
Julle mag nie leuens vertel en dink dat julle dit vir Hom doen nie.

8Julle kan nie sê dat God reg is en dat ek nie reg is nie, julle kan nie vír Hom wees en
téén my wees nie.

9Dit sal sleg gaan met julle as Hy wil hoor wat julle sê, julle kan Hom nie bedrieg soos
julle mense bedrieg nie.

10Hy sal julle straf, dit is seker, Hy sal julle straf as julle dink dat julle vir Hom wil help
en niemand sal dit weet nie.

11Julle sal baie bang word as Hy begin praat, julle sal skrik vir die Almagtige God.

12Julle sê dat julle dinge onthou, maar dit beteken niks, die dinge wat julle sê, is
soos as en klei.

13Julle moet nou stilbly sodat ek kan praat, dan kan met my gebeur wat met my
moet gebeur.

14Ek weet ek speel met die dood.

15Ja, God sal my laat sterf, ek kan niks hoop nie, maar ek wil vir Hom duidelik sê wat
ek voel.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Miskien sal dit my help, want ’n mens wat nie vir God wil dien nie, sal nie voor Hom kan kom nie.

17Julle moet goed luister na wat ek praat, julle moet probeer verstaan wat ek sê.

18Ja, ek het gereedgemaak om voor die Regter te staan, ek weet dat Hy sal sê ek is onskuldig.

19As daar iemand is wat my kan beskuldig, dan sal ek stilbly, ek sal weet my lewe is verby.”

Job vra dat God vir hom moet sê wat hy verkeerd gedoen het

20“O God, U moet twee dinge nie aan my doen nie, dan sal ek nie probeer om weg te kruip vir U nie.

21U moenie my nog straf nie en U moenie vir my bangmaak vir U nie.

22Dan kan U my roep, en ek sal antwoord. Of ek sal eerste praat, dan kan U my antwoord.

23Sê vir my, hoe baie is my sondes? Sê vir my wat het ek verkeerd gedoen.

24Hoekom kyk U weg, hoekom dink U dat ek u vyand is?

25Ek is soos ’n blaar wat afgewaai het van ’n boom, ek is soos droë kaf. Hoekom wil U my bangmaak en hoekom wil U my volg en jaag?

26Hoekom laat U my so baie swaar kry, hoekom onthou U nog die sondes wat ek gedoen het toe ek jonk was?

27Dit is soos wanneer U my voete in ’n blok sit, dit is soos wanneer U kyk na elke tree wat ek gee.

28Ek is ’n mens wat sal sterf en sal verdwyn soos ’n ding wat vrot word, soos klere wanneer die motte dit vreet.

Job 14

1’n Mens, die kind van ’n vrou, lewe nie lank nie, en dit gaan nooit heeltemal goed met hom nie.

2Hy is soos ’n blom wat oopgaan en wat dan droog word en verlep, hy is soos ’n skaduwee wat verbykom en nie stilstaan nie.

3U kyk na so ’n mens, U wil so ’n mens voor die hof bring.

4Wanneer ’n mens onrein is, dan is hy onrein, niemand kan dit verander nie.

5Sy tyd om te lewe, is kort, net U weet hoe lank hy sal lewe. U het besluit hoe lank hy sal lewe, en hy sal nie langer lewe as daardie tyd nie.

© Bible Society of South Africa.

6U moet wegkyk en U moet die mens los totdat hy soos ’n dagloner klaar is met die
werk wat hy moet doen.

7Wanneer iemand ’n boom afgekap het, dan kan ’n mens hoop dat die boom weer
sal groei en nie sal doodgaan nie.

8Sy wortels in die grond word oud, dit lyk of hulle droog en dood is,

9maar wanneer die wortels water kry, dan groei die boom weer, hy kry nuwe takkies.

10Maar ’n mens word swak, hy sterf en hy is nie meer daar nie.

11Water raak weg uit die see, en ’n rivier word droog.

12So sterf ’n mens en hy lewe nie weer nie, hy word nie weer wakker nie, niemand
sal hom wakker maak nie, so lank soos wat die hemel daar is.

13Ek wens dat U my wil wegsteek in die doderyk en dat U my daar wil hou totdat U
nie meer kwaad is nie. Ek wens dat U wil besluit hoe lank ek daar moet bly en dat U
dan weer aan my sal dink.

14Maar kan ’n mens weer lewe nadat hy gesterf het? As dit kan gebeur, dan sal ek
wag totdat dit weer goed gaan met my, ek sal aanhou wag terwyl ek swaarkry in
hierdie lewe.

15Dan sal ek roep, en U sal antwoord. U sal graag vir my weer wil sien, vir my wat U
gemaak het.

16Ja, dan sal U kyk hoe ek lewe, maar U sal nie my sonde onthou nie.

17U sal vergeet dat ek opstandig was, U sal maak of U nie weet dat ek verkeerd
gedoen het nie.

18Maar nee, berge val en hulle breek stukkend, rotse gaan weg uit hulle plek,

19water vloei oor klippe en skuur dit weg, baie water spoel die grond weg. So laat U
die dinge verdwyn wat ’n mens graag wil hê.

20U vat die mens weg vir altyd, en hy gaan, hy lyk nie meer soos hy gelyk het nie, U
stuur hom weg.

21Mense respekteer sy seuns, maar hy weet dit nie. Of mense dink sy seuns is nie
belangrik nie, en hy sien dit nie.

22Hy voel net die pyn in sy liggaam en hy huil en treur oor homself.”

Job 15

Elifas praat weer met Job

1Elifas van die land Teman het begin praat. Hy het gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2"'n Man wat wysheid het, moenie nonsens praat nie, sy woorde moenie soos die wind wees nie.

3Sy antwoord moenie niks beteken nie, hy moenie dinge sê wat niks help nie.

4Maar jý doen iets wat baie slegter is, jy sal mense laat ophou om vir God te dien, hulle sal nie meer oor Hom wil dink nie.

5Dit is jou sonde wat jou so laat praat en wat vir jou sê om daardie slim woorde te kies.

6Die dinge wat jy sê, wys dat jy skuldig is, jou eie woorde wys dat jy verkeerd is.

7Job, dink jy dat jy die eerste mens is wat gebore is? Dink jy dat jy daar was voordat die heuwels daar was?

8Luister jy wanneer God en sy engele met mekaar praat? Dink jy dit is net jy wat wysheid het?

9Wat weet jy wat ons nie weet nie? Ons verstaan ook alles wat jy verstaan.

10Ons kry ons wysheid by die oumense, by mense wat ouer is as jou pa.

11God wil vir jou troos en Hy wil mooi met jou praat. Beteken dit niks vir jou nie?

12Hoekom is jy kwaad, hoekom lyk jou oë so kwaai?

13Hoekom wil jy met God raas, hoekom sê jy hierdie dinge?

14Niemand is heeltemal rein nie, niemand is onskuldig nie.

15Kan God sy engele vertrou en is die hemel self rein genoeg vir Hom? Nee.

16Hy kan mense nog minder vertrou, mense wat sleg is, baie sleg, mense wat aanhou om sleg te wees.

17Luister na my, ek wil iets vir jou leer, ek wil vir jou sê wat ek self gehoor het.

18 Wyse mense het dit gesê, hulle het dit gehoor by hulle voorvaders in die tyd toe hulle die land gekry het. Die land het toe net aan hulle behoort, daar was nie ander mense by hulle nie.

19Die wyse mense het gesê:

20'Die mens wat verkeerd doen, die mens wat altyd ander mense wil seermaak en doodmaak, daardie mens is altyd bang, so lank soos hy lewe.

21Hy hoor altyd dinge wat hom laat skrik. Wanneer hy dink dat hy veilig is, dan val mense hom aan, mense wat alles wil verwoes.

22Hy kan nie hoop dat hy sal aanhou lewe nie, daar is altyd mense wat hom wil doodmaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Hy moet rondswerf om kos te kry, hy weet dat sy dood naby is.

24Hy is bang, want dit is gevaarlik vir hom, so gevaarlik soos wanneer ’n koning moet gaan oorlog maak.

25Dit alles gebeur met hom omdat hy sy vuis gewys het vir God, omdat hy wou veg teen die Almagtige.

26Hy het vir God probeer aanval soos ’n soldaat wat ’n sterk skild voor hom hou,

27’n soldaat wat vet aan sy gesig en sy lyf gesmeer het.

28Maar hy sal woon in stede wat verwoes is, in huise waar mense nie kan woon nie, huise wat net hope klippe sal wees.

29Hy sal nie ryk wees nie, hy sal nie sy goed vir homself kan hou nie, sy goed sal nie saam met hom gaan in sy graf in nie.

30Hy sal sterf, dit is seker. Hy is soos ’n boom, sy takke sal verbrand, die wind sal sy blomme wegwaai.

31’n Mens moenie homself bedrieg en dink dat dinge hom kan help nie, dinge wat niks beteken nie. As hy dit dink, dan sál hy iets kry wat niks beteken nie.

32Hy sal wees soos ’n boom wat doodgaan voordat dit sy tyd is, ’n boom wat nie nuwe groen takkies kry nie.

33Hy sal wees soos ’n wingerdstok wat sy groen druiwe laat afval, of soos ’n olyfboom wat sy blomme op die grond laat val.’

34Want wanneer mense bymekaarkom wat nie vir God wil dien nie, dan beteken die dinge wat hulle besluit, niks. Wanneer mense presente neem om verkeerd te doen, dan verbrand hulle huise.

35Dit is die mense wat aanhou om te dink watter slegte dinge hulle kan doen, die mense wat verkeerd doen en wat ander mense bedrieg.”

Job 16

Job sê sy vriende kan niks vir hom verander nie

1Job het sy vriende geantwoord. Hy het gesê:

2“Ek het baie gehoor dat mense só praat. Julle kan niks vir my verander nie.

3Hoekom wil julle nie ophou om dinge te sê wat niks beteken nie? Hoekom hou julle aan om so te praat?

4As dit met julle gegaan het soos met my, dan kon ek ook soos julle praat. Ek kon dan dinge sê oor julle en ek kon my tong uitsteek vir julle.

5Ek kon julle bemoedig en vir julle sê dat ek jammer is vir julle.

© Bible Society of South Africa.

6Maar as ek praat, dan sal my pyn nie minder word nie, en as ek ophou praat, dan sal die pyn nie weggaan nie.”

Job sê God breek hom

7“Maar nou, o God, U het my krag weggeneem, U het my hele huisgesin laat sterf.

8U het my gegryp, en dit bewys dat U dink ek is skuldig. Ek is maer en baie swak, en mense sal dink dat ek skuldig is.

9God is kwaad vir my, Hy breek my, Hy byt hard op sy tande teen my, Hy kyk na my soos iemand kyk na ’n vyand.

10Mense het oor my gesê wat hulle wil, hulle het my gespot en geklap, hulle is almal téén my.

11God het my gegee vir mense wat verkeerd lewe, Hy laat slegte mense met my doen wat hulle wil.

12Dit het goed gegaan met my, maar God het my gebreek. Hy het my aan my nek gegryp en op die grond gegooi. Hy het sy pyle na my toe geskiet.

13Sy pyle vlieg na my toe, dit sny my niere stukkend, Hy hou aan om my gal op die grond uit te gooi.

14Hy val my aan en Hy breek my soos wanneer vyande ’n stad se muur afbreek, hulle breek die een stuk af ná die ander stuk.

15Ek het rouklere aangetrek, ek het nie meer krag nie.

16Ek het baie gehuil en my oë is rooi, daar is swart kringe om my oë.

17Ek het nie mense seergemaak nie, ek was altyd eerlik wanneer ek bid.”

Job sê dat hy ’n Getuie in die hemel het

18“Aarde, jy moenie my bloed toemaak wat gevloei het nie, ek sal nie ophou om te skree en te vra dat God my moet help nie.

19Ja, dit gaan sleg met my, maar ek het ’n Getuie in die hemel, die Persoon wat vir my sal getuig, is in die hoë hemel.

20My vriende spot my, my oë is vol trane, maar ek bid tot God.

21Ek vra dat Hy self reg sal doen aan my soos ’n mens dit vir sy vriend sal doen.

22Want my lewe is amper verby, ek sal op my pad gaan en ek sal nie terugkom nie.

Job 17

1Ek is naby die dood, my lewe is verby, die graf wag vir my.

2Ja, almal spot my, ek sien dat almal téén my is.”

Job sê God moet borg staan vir hom

© Bible Society of South Africa.

3“God, U moet asseblief borg staan vir my, niemand anders sal dit doen nie.

4U keer sodat my vriende nie kan verstaan nie, daarom moet U hulle nie laat wen nie.

5As iemand sy vriende verraai, dan sal sy kinders swaarkry.”

Job sê hy kry baie swaar

6“Mense gebruik my naam wanneer hulle mekaar wil verneder, hulle spoeg in my gesig.

7Ek kry so swaar dat ek amper nie meer kan sien nie, my liggaam is soos ’n skaduwee.

8Eerlike mense skrik wanneer hulle my sien, onskuldige mense word opstandig teen mense wat nie vir God wil dien nie.

9Die mense wat reg lewe, hou aan om reg te lewe, mense wat goed doen, word altyd sterker.

10Julle kan almal weer probeer om die regte dinge te sê, maar ek sal nie wysheid kry by julle nie.”

Job sê niemand kan vir hom help om te hoop nie

11“My lewe het verbygegaan, ek kan nie meer die dinge doen wat ek graag wou doen nie.

12My vriende dink my nag is dag, hulle dink die lig is naby wanneer dit vir my donker is.

13Ek kan sê dat ek in die doderyk wil woon, ek kan daar in die donker ’n plek kry om te lê,

14ek kan vir die graf sê: ‘Jy is my pa,’ ek kan vir die wurms sê: ‘Julle is my ma en my susters,’

15maar dan kan ek niks meer hoop nie, en niemand kan vir my help om weer te hoop nie.

16Alles wat ek gehoop het, gaan dan saam met my in die doderyk in, en ons lê daar saam in die stof.”

Job 18

Bildad praat weer met Job

1Bildad van die land Suag het weer gepraat. Hy het gesê:

2“Hoe lank wil julle aanhou praat? Julle moet eers goed dink en dán moet julle praat.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Hoekom hou Job aan om te maak of ons diere is? En hoekom dink hy dat ons dom is?

4Job, jy is so kwaad dat jy jouself wil stukkend skeur. Moet al die mense op die aarde verdwyn? Moet ’n rots wegskuif uit sy plek sodat jy tevrede kan wees?

5Dit ís waar, die mens wat verkeerd doen, sterf, ja, sy lig gaan uit, sy vuur hou nie aan om te brand nie.

6Dit word donker in sy tent, sy lamp gaan dood.

7Die treë wat hy loop, was voorheen lank, maar dit word nou korter, hy besluit self wat hy wil doen, en daarom val hy.

8Sy voete bring hom in ’n vangnet, hy loop reguit in die net in.

9Die net vang hom aan sy voet, dit gryp hom vas.

10Hy sien nie die tou voor hom nie, hy sien nie die vangstrik op sy pad nie.

11Daar is baie dinge wat hom laat skrik, dinge wat hom na al die kante toe jaag.

12Dit gaan gou sleg met hom, sy probleme is altyd naby.

13Siekte vreet sy vel weg, sy vingers, sy arms, sy tone en sy bene sterf en val af.

14Hy dink dat hy veilig is in sy tent, maar hy moet daar weggaan, almal is bang vir die plek waarnatoe hy gaan.

15Niks bly oor in sy tent nie, mense gooi swael oor sy woonplek en hulle steek dit aan die brand.

16Hy is soos ’n boom wanneer die boom se wortels droog word en sy blare verlep.

17Niemand sal onthou dat daar so ’n mens was nie, die mense op die straat sal nie sy naam ken nie.

18Mense jaag hom weg van die lig na die donker, hulle jaag hom weg uit die wêreld.

19Hy sal nie ’n nageslag hê nie, niemand sal aanhou lewe waar hy gewoon het nie.

20Al die mense van al die plekke sal bang word wanneer hulle sien wat met hom gebeur.

21Ja, so sal dit gaan met die woonplek van ’n slegte mens, dit is wat sal gebeur met ’n persoon wat nie vir God wil ken nie.”

Job 19

Job sê sy vriende beledig hom

1Job het weer gepraat. Hy het gesê:

© Bible Society of South Africa.

2“Hoe lank wil julle my nog laat seerkry? Hoe lank wil julle aanhou om dinge te sê
wat my stukkend trap?

3Julle het my tien maal beledig. Is julle nie skaam omdat julle my so verneder nie?

4En ook, as ek verkeerd gedoen het, dan moet julle dit los, dit is nie julle probleem
nie.

5Julle dink dat julle beter is as ek, en julle sê dat ek swaarkry omdat ek verkeerd
gedoen het,

6maar julle moet weet dat dit God is wat my laat swaarkry. Hy het my in sy vangnet
gevang.

7Ek roep en sê Hy maak my seer, maar Hy antwoord my nie. Ek skree en vra dat Hy
my moet help, maar Hy doen nie reg aan my nie.

8Hy het my pad toegemaak, ek kan nie verbygaan nie, Hy laat my in die donker loop.

9Hy het my verneder, niemand respekteer my nie.

10Hy laat my swaarkry, Hy breek my af van al die kante soos ’n mens ’n muur
afbreek, ek moet sterf. Ek is soos ’n boom wanneer iemand dit uit die grond getrek
het, ek kan nie meer hoop dat dit beter sal gaan nie.

11God is baie kwaad vir my, Hy maak of ek sy vyand is.

12Sy soldate het almal gekom om my aan te val, hulle het hulle tente opgeslaan
rondom my tent.

13God het my familie weggevat van my. Mense wat ek geken het, maak of hulle my
nie ken nie.

14Mense wat naby my was, het my gelos, mense wat my geken het, het my vergeet.

15Mense wat by my gewoon het, en my slavinne maak of hulle my nie ken nie, ek is
vir hulle soos iemand van ’n ander land.

16Wanneer ek my slaaf roep, dan antwoord hy my nie, ek moet hom soebat om iets
te doen.

17My vrou hou nie van my asem nie, my eie kinders sê dat ek stink.

18Jong kinders respekteer my nie, hulle spot my as ek wil opstaan.

19My beste vriende wil nie naby my kom nie, ek was lief vir hulle, maar hulle is nou
téén my.

20Ek is baie maer, ek is net vel en been, ek lewe nog, maar my lewe beteken niks.

21Julle wat my vriende is, julle moet jammer wees vir my. Julle moet jammer wees vir
my, want die hand van God het my gestraf.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Hoekom hou julle aan om my te jaag soos God dit doen? Julle sien dat ek sleg lyk, is
julle nie nou tevrede nie?”

Job sê hy weet dat sy Losser lewe

23“Ek wens iemand wil opskryf wat ek sê, ek wens iemand skryf dit in ’n boek.

24Ek wens iemand skryf dit met lood op klip sodat dit altyd daar is.

25Ek weet een ding is seker: My Losser lewe en Hy sal wen op hierdie aarde.

26Ek het nie meer vel oor my liggaam nie, maar ek sal vir God sien terwyl ek nog
lewe.

27Ek self sal Hom sien, ek, en niemand anders nie, sal Hom sien, dit wil ek baie graag
doen.

28Julle sê dat julle my nog meer wil beskuldig omdat julle dink alles is my eie skuld,

29maar dan moet julle oppas vir die swaard, God sal mense straf wat verkeerd doen.
Julle sal weet dat Hy die Regter is.”

Job 20

Sofar praat weer met Job

1Sofar van die land Naäma het weer gepraat. Hy het gesê:

2“Job, luister na my, ek dink ek moet praat, ek voel dat ek móét praat.

3Ek hoor dat jy vir my wil leer maar jy beledig vir my. Ek verstaan nie wat jy dink
wanneer jy my nie antwoord nie.

4Jy weet dit goed, dit was lank gelede so, dit was so vandat God mense op die aarde
gesit het:

5Wanneer mense juig wat verkeerd doen, dan kan hulle dit nie lank doen nie.
Iemand wat nie vir God wil ken nie, kan net ’n kort tydjie bly wees.

6So iemand word miskien baie belangrik, hy is hoogmoedig en hy loop met sy neus in
die lug,

7maar hy sal so vinnig verdwyn soos sy mis. Mense wat hom voorheen gesien het, sal
vra: ‘Waar is hy?’

8Hy sal weggaan soos ’n droom, en jy sal hom nie kry nie. Mense sal hom vergeet,
soos hulle vergeet wat hulle gesien het toe hulle gedroom het.

9Niemand sal hom weer sien nie, hy sal nooit weer wees waar hy was nie.

10Hy sal self die goed moet teruggee wat hy bymekaargemaak het, en sy kinders
sal rente moet betaal op alles wat hy gevat het van arm mense.

© Bible Society of South Africa.

11Hy sal nog sterk en gesond wees, maar hy sal in sy graf moet gaan lê.

12Dit was vir hom lekker om verkeerd te doen, hy het dit geniet soos lekker kos

13wat hy in sy mond hou en stadig insluk.

14Maar daardie kos sal verander in sy maag, dit sal so bitter word soos ’n slang se gal.

15Hy het baie goed bymekaargemaak, maar hy sal dit verloor soos kos wat ’n mens opbring wanneer hy naar is. God sal dit met hom laat gebeur.

16Hy sal die gif van ’n slang moet insuig, ’n adder se tong sal hom laat sterf.

17Hy sal niks kan geniet nie, ook nie as daar riviere vol heuning en dikmelk is nie.

18Hy sal alles moet teruggee wat hy gekry het toe hy gewerk het, hy sal dit nie kan gebruik nie. Hy sal koop en verkoop en ryk word, maar hy sal dit nie geniet nie.

19Want hy het op arm mense getrap en hy het hulle nie gehelp nie. Hy het huise vir homself gevat wat ander mense gebou het.

20Hy kry nooit genoeg nie, hy wil altyd meer hê.

21Wanneer hy eet, dan bly daar niks oor nie, en dit is hoekom dit nie sal aanhou goed gaan met hom nie.

22Hy het baie goed, meer as wat hy nodig het, maar dit sal skielik sleg gaan met hom, hy sal baie swaar kry.

23Hy sal iets anders moet eet en hy sal vol word daarvan. God sal kwaad word en God sal hom straf, dít sal die kos wees wat daardie mens moet eet. Die slegte dinge sal op hom val soos reën.

24Wanneer hy vlug vir ’n vyand met ’n yster-swaard, dan sal ’n vyand met ’n brons-boog hom raakskiet.

25Wanneer hy die pyl uittrek uit sy rug, die blink punt van die pyl wat deur sy gal gegaan het, dan sal hy bang wees, want hy sal weet dat hy sterf.

26Die donker wag vir hom en vir alles wat hy het, ’n vuur sal brand, niemand het dit aangesteek nie, en alles wat hy het, sal verbrand.

27Die hemel en die aarde sal getuig teen hom.

28Wanneer God kwaad word en Hy wil die persoon straf, dan verloor daardie persoon alles.

29Dit is wat God laat gebeur met die mens wat verkeerd doen.”

Job 21

Job sê sy vriende moet goed luister na wat hy sê

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Job het weer gepraat. Hy het gesê:

2“Julle moet goed luister na wat ek sê, dan sal julle my beter kan troos.

3Julle moet geduldig wees met my sodat ek kan praat. Julle kan spot wanneer ek klaar gepraat het.

4Ek kla nie oor mense nie, ek kla oor God. En hoekom mag ek nie ongeduldig wees nie?

5Julle moet na my kyk, dan sal julle geskok en ontsteld wees en dan sal julle stilbly.

6As ek daaraan dink, dan word ek baie bang, en my hele liggaam bewe.”

Job vra hoekom dit goed gaan met mense wat verkeerd doen

7“Ek vra hoekom kan die mense wat verkeerd doen, aanhou lewe en oud word. Hoekom word hulle baie belangrik?

8Hulle nageslag is by hulle, hulle sien dat hulle afstammelinge het.

9Dit gaan goed met hulle huisgesinne, hulle is nie bang nie, God laat hulle nie swaarkry nie.

10Die mense wat verkeerd doen se beeste kry meer en meer kalwers.

11Hulle kinders hardloop rond en hulle dans soos skape en bokke.

12Die mense wat verkeerd doen, sing en hulle vier fees, hulle speel op die tamboeryn en die lier en die fluit.

13Hulle lewe gelukkig en hulle het vrede wanneer hulle sterf.

14Hulle sê vir God: ‘Los ons, ons wil nie weet wat U wil hê ons moet doen nie.

15Wie is die Almagtige, hoekom moet ons Hom dien? Sal dit help as ons Hom soebat om ons te help?’

16Hierdie mense dink dat dit goed gaan met hulle omdat hulle self daarvoor werk. Die mense wat verkeerd doen, dink nie soos ek dink nie.

17Blaas God die lamp dood van die mense wat verkeerd doen? Nee! Laat Hy dit sleg gaan met hulle? Word Hy kwaad vir hulle en straf Hy hulle?

18Verdwyn hulle soos kaf wat wegwaai of soos droë blare in ’n stormwind? Nee!

19Julle sê God straf die kinders van die mense wat verkeerd doen. Maar ek sê Hy moet die óúers self straf, húlle moet dit self voel.

20Die sondaar moet self swaarkry, hy moet weet dat die Almagtige kwaad is vir hom.

21Die sondaar is nie bekommerd oor hoe dit sal gaan met sy huisgesin nadat hy self gesterf het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Niemand kan vir God iets leer wat Hy nie weet nie, God wat regeer oor almal in die hemel.

23Een mens bly gesond totdat hy sterf, hy lewe rustig en veilig,

24hy eet lekker en hy word vet.

25'n Ander mens is nooit gelukkig nie, hy kry swaar totdat hy sterf.

26Maar hulle altwee sterf en hulle word begrawe, en die wurms vreet hulle op.

27Ek weet wat julle dink, ek weet dat julle my nog meer wil laat seerkry.

28Julle wil vra: 'Waar is die huis van die belangrike man? Wat het oorgebly van die plek waar die mense gewoon het wat verkeerd doen?' Niks!

29Het julle vir die mense gevra wat op die pad verbykom? En as julle gevra het, het julle geluister? Nee!

30Hulle sou vir julle gesê het dat 'n slegte mens veilig bly wanneer dit sleg gaan met ander mense. Hulle sou gesê het dat die slegte mens aanhou lewe wanneer God ander mense straf.

31Niemand sê vir die slegte mens dat hy verkeerd gedoen het nie, niemand straf hom oor sy sondes nie.

32En wanneer hy sterf en begrawe word, dan sal die mense wagstaan by sy graf.

33Hy kry 'n mooi graf in die vallei, en baie mense loop saam, hulle loop voor en agter sy lyk, hulle is so baie mense dat niemand hulle kan tel nie.

34Nee, julle probeer om my te troos met wind, julle is vals wanneer julle hierdie dinge vir my sê."

Job 22

Elifas praat die derde maal met Job

1Elifas van die land Teman het weer gepraat. Hy het gesê:

2"God kan alles self doen, Hy het nie mense nodig nie, nee, Hy het ook nie slim mense nodig nie.

3Dink jy die Almagtige moet bly wees omdat jy reg gelewe het? Of dink jy dit het Hom gehelp dat jy nooit verkeerd gedoen het nie? Nee.

4Job, dink jy dat Hy jou straf omdat jy Hom gedien het, dink jy dat Hy wil sê dit is hoekom jy skuldig is?

5Nee, dit is omdat jy baie sleg gelewe het, jy het so baie sonde gedoen dat 'n mens dit nie kan tel nie. Dít is hoekom Hy jou straf.

© Bible Society of South Africa.

6Ja, jy het jou eie mense se klere gevat, ook toe hulle niks vir jou geskuld het nie, jy het arm mense kaal laat loop.

7Jy het nie water gegee vir mense wat moeg is nie, jy het nie kos gegee vir honger mense nie.

8Al die grond behoort aan die man wat ryk en sterk is, en sy vriende woon daarop.

9Jy het niks gegee vir weduwees nie, jy het weeskinders se goed gevat.

10Dit is hoekom daar vangstrikke om jou is, dit is hoekom jy nou baie bang geword het.

11Dit het vir jou so donker geword dat jy niks kan sien nie. Dit is soos wanneer daar baie water oor jou vloei.

12Jy dink dat God ver bo in die hemel is, ja kyk, Hy is bokant die sterre wat baie hoog is.

13En jy vra: 'Wat weet God? Kan Hy deur die donker wolke sien om mense te oordeel?'

14Jy dink dat die wolke Hom toemaak sodat Hy nie kan sien nie, jy dink dat Hy bokant die hemeldak loop.

15Wil jy dan aanhou lewe soos die mense wat vóór jou gelewe het, die mense wat sleg gelewe het?

16Daardie mense het gesterf toe hulle jonk was, hulle was soos huise wat weggespoel het.

17Hulle het vir God gesê: 'Gaan weg van ons!' Hulle het gesê: 'Wat kan die Almagtige aan ons doen? Niks.'

18Hulle het dit gesê vir Hom wat hulle ryk gemaak het. Die mense wat verkeerd doen, dink nie soos ek dink nie.

19Mense wat reg doen, die onskuldige mense, is bly en hulle lag wanneer hulle sien dat God die sondaars straf.

20Die mense wat reg doen, sê dan: 'Ons vyande is dood, en alles wat hulle gehad het, het verbrand.'

21Job, jy moet vrede maak met God, dan sal dit weer goed gaan met jou.

22Jy moet luister na wat Hy vir jou sê, jy moet dit goed onthou.

23As jy terugkom na die Almagtige toe, as jy ophou om sonde te doen, dan sal jy weer word soos jy voorheen was.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Jy moet onthou dat goud nie méér kosbaar is as stof nie, jy moet onthou dat die beste goud nie méér kosbaar is as die klippe in die rivier nie.

25Dan sal die Almagtige vir jou wees soos goud, soos die beste silwer.

26Ja, dan sal jy bly wees dat die Almagtige jou God is, jy sal weet dat Hy goed wil wees vir jou.

27Jy sal dan tot Hom bid, en Hy sal doen wat jy vra, en jy sal jou geloftes betaal.

28Jy sal besluit oor iets, en dit sal gebeur, daar sal lig wees op jou pad.

29Wanneer God mense onbelangrik laat word, en jy vra dat Hy hulle weer belangrik moet laat word, dan sal God dit doen, Hy red nederige mense.

30God sal ’n mens red, ook wanneer die mens skuldig is. En Hy sal jóú red as jy onskuldig is.”

Job 23

Job sê hy weet nie waar hy vir God kan kry nie

1Job het weer gepraat. Hy het gesê:

2“Ek is nog hardkoppig, ek wil aanhou kla, ek sal nie ophou nie.

3As ek weet waar ek vir God kan kry, dan sal ek na Hom toe gaan waar Hy is.

4Ek sal vir Hom vra om te luister na wat ek sê, ek sal aanhou praat.

5Ek sal luister na wat Hy vir my sê wanneer Hy my antwoord.

6Hy sal nie met al sy krag téén my wees nie, ek is seker dat Hy sal luister na my.

7Ek is ’n eerlike mens, ek sal met God praat en alles vir Hom vertel. God is my Regter en Hy sal my vir altyd vrymaak.

8Maar Hy is nie daar waar ek Hom soek nie, Hy is nie in die ooste of in die weste nie.

9As Hy in die noorde werk, dan kry ek Hom nie, as Hy na die suide gaan, dan sien ek Hom nie.

10Maar Hy weet watter pad ék loop, as Hy my toets, dan sal Hy sien dat ek so skoon soos goud is.

11Ek het gelewe soos Hy wil hê, ek het aangehou om te loop op sy pad, ek het nie op ’n ander pad geloop nie.

12Ek het gehoorsaam gebly aan alles wat Hy gesê het, ek het altyd onthou dat Hy besluit wat met my sal gebeur.”

Job sê God sal doen wat Hy oor Job besluit het

13“En Hy? Hy alleen besluit, en niemand kan Hom keer nie. Hy doen wat Hy besluit.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Ja, Hy sal doen wat Hy oor my besluit het, en Hy het baie dinge besluit.

15Dit is hoekom ek so bang is vir Hom, ek is bang wanneer ek aan Hom dink.

16God het my moedeloos gemaak, die Almagtige het my bang laat word,

17want dit is nie die donker wat my laat stilbly nie, dit is Gód wat die donker oor my gebring het sodat ek nie weet wat om te doen nie."

Job 24

Job sê mense doen slegte dinge aan arm mense

1Job het gesê: "Hoekom besluit die Allerhoogste God nie wanneer Hy wil oordeel nie? Hoekom moet die mense wat Hom ken, aanhou wag vir daardie tyd?

2Mense vat ander mense se grond, hulle steel skape en bokke en laat hulle wei saam met hulle eie diere.

3Hulle vat die weeskind se donkie, hulle hou die weduwee se bees vir hulleself omdat die weduwee geld skuld vir hulle.

4Hulle gee nie vir die arm mense 'n plek om te lewe nie, die mense in die land wat niks het nie, moet wegkruip.

5Die arm mense moet soos wildedonkies lewe, hulle moet in die woestyn kos gaan soek vir hulleself en vir hulle kinders.

6Hulle moet gras bymekaarmaak om te eet, hulle moet die druiwe steel wat oorgebly het in die wingerde van die ryk mense, die mense wat verkeerd doen.

7Die arm mense moet kaal slaap, sonder klere, hulle het nie komberse wanneer dit koud is nie.

8Hulle word waternat wanneer dit hard reën in die berge, hulle probeer om agter die rotse weg te kruip.

9Mense gryp die arm mense se kinders uit hulle ma's se arms, hulle maak die arm mense se kinders hulle slawe.

10Die arm mense loop kaal, hulle het nie klere nie, die arm mense bring die ryk mense se koring uit die land, maar hulle self bly honger.

11Hulle stamp olywe stukkend tussen die mure, hulle trap die druiwe in die parskuipe, maar hulle kry nie iets om te drink nie.

12Arm mense wat sterf, kla en huil in die stad, hulle het baie seerplekke en hulle skree en vra dat God hulle moet help, maar God luister nie.

13"Slegte mense hou nie van die lig nie, hulle wil nie hê dat mense moet sien wat hulle doen nie.

© Bible Society of South Africa.

14Die moordenaar staan op voordat dit lig word, en hy vermoor mense wat hulleself nie kan help nie, hy vermoor arm mense en hy steel wanneer dit nag is.

15Die persoon wat egbreuk wil pleeg, wag totdat dit donker word, hy dink niemand sal hom sien nie en hy sit ’n sluier oor sy gesig.

16Diewe wat inbreek, werk in die donker en hulle kruip weg in die dag, hulle wil nie die lig sien nie.

17Vir daardie mense is die donker soos die oggend, hulle weet hoe dit is om in die nag bang te wees.”

Dit gaan sleg met sondaars

18“Hierdie slegte mense is soos dinge wat lig is en vinnig op die water wegdryf. God het hulle grond vervloek, niemand gaan werk in hulle wingerde nie.

19Wanneer dit droog en warm is, dan smelt en verdwyn die sneeu. Dit is dieselfde met sondaars, hulle verdwyn in die doderyk.

20Die sondaar se eie ma vergeet hom, die wurms hou daarvan om hom te vreet, niemand dink nog aan hom nie. Die mens wat slegte dinge doen, breek soos ’n stuk hout,

21want hy het die goed gesteel van die vrou wat nie kinders kon kry nie, hy het nooit goed gedoen aan ’n weduwee nie.

22Maar God is sterker as sterk mense. Wanneer Hy besluit om iets te doen, dan kan die mens wat slegte dinge doen, nie aanhou lewe nie.

23God laat daardie mens veilig voel, hy dink dat God hom help, maar God sien alles wat hy doen.

24Mense wat verkeerde dinge doen, is net ’n kort tydjie belangrik, maar dan verdwyn hulle. God laat hulle sterf soos al die plante wat droog word en verlep, hulle sterf soos koring-are wanneer mense dit afsny.

25Dit is waar, niemand kan sê dat ek nie die waarheid praat nie.”

Job 25

Bildad praat die derde maal met Job

1Bildad van die land Suag het weer gepraat. Hy het gesê:

2“God regeer, almal moet bang wees vir Hom, Hy gee vrede tot in sy hoë hemel.

3Niemand kan tel hoe groot sy leërs is nie, sy son skyn oor al die mense.

4Kan ’n mens regverdig wees voor God? Kan ’n mens onskuldig wees? Nee, hy kan nie onskuldig wees nie.

5Die maan en die sterre is nie blink en helder genoeg vir God nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6’n Mens kan ook nie regverdig wees nie, ’n mens wat so onbelangrik is soos ’n wurm.”

Job 26

Job vra of Bildad hom wou help

1Job het weer gepraat. Hy het vir Bildad gesê:

2“Het jy probeer om my te help omdat ek nie krag het nie? Wou jy my help omdat ek te swak is om self iets te doen?

3Het jy probeer om vir my te sê wat ek moet doen omdat ek nie wysheid het nie? Jy het baie gepraat, soos iemand wat die ware wysheid het.

4Wie het vir jou gesê wat jy moet sê, by wie het jy dit gehoor?”

Bildad sê niemand kan verstaan wat God alles gedoen het nie

5“Die geeste bewe daar onder die water, die geeste van die mense wat gesterf het.

6God sien wie in die doderyk is, niemand kan in die onderwêreld wegkruip vir Hom nie.

7Niemand kon op die aarde woon toe God die hemeldak styfgetrek het nie. Daar was niks onder die aarde toe God die aarde opgehang het nie.

8God maak die wolke vol reënwater, en die wolke bars nie van al die water nie.

9God steek sy troon weg in die hemel agter die wolke.

10Hy het die horison rondom die see gesit, daar waar die lig ophou en die donker begin.

11Wanneer God kwaai praat, dan skud en bewe die pilare waarop die hemeldak staan.

12God is sterk, Hy het die see oorwin, God het wysheid, Hy het vir Rahab doodgemaak.

13God laat die wind waai, en die lug word skoon en helder. Sy sterk hand het die slang doodgemaak toe die slang wou vlug.

14Hierdie is net ’n paar van die dinge wat God gedoen het, Hy het nog baie meer gedoen. Ons weet min van Hom, niemand kan verstaan en weet wat God alles kan doen nie.”

Job 27

Job sê hy sal aanhou sê dat hy onskuldig is

1Job het weer begin praat. Hy het gesê:

© Bible Society of South Africa.

2“God het nie reg gedoen aan my nie, die Allerhoogste God het my laat swaarkry, Hy het my lewe bitter gemaak. Maar so seker soos God lewe,

3-4ek sal niks sê wat verkeerd is nie, ek sal nie lieg nie, so lank soos ek lewe, so lank soos God vir my lewe gee.

5Ek sal nooit kan sê dat julle reg is nie, ek sal aanhou sê dat ek onskuldig is, so lank soos ek lewe.

6Ek sal aanhou sê dat ek reg gelewe het, ek sal nie anders praat nie. Ek sal nie jammer wees oor enige iets wat ek in my lewe gedoen het nie.”

Job vra dat God sy vyande moet straf

7“Ek bid dat dit met my vyande sal gaan soos met mense wat verkeerde dinge doen, ek bid dat dit met die mense wat téén my is, sal gaan soos met mense wat slegte dinge doen.

8Want die mens wat nie vir God wil dien nie, kan nie hoop dat dit goed sal gaan wanneer hy moet sterf nie, hy kan niks hoop wanneer God hom laat sterf nie.

9God sal nie luister wanneer dit sleg begin gaan met daardie mens, en wanneer hy skree en vra dat God hom moet red nie.

10Die mens wat nie vir God wil dien nie, hou nie van die Almagtige nie en hy bid nooit tot Hom nie.”

Job sê hy wil vir die vriende leer

11“Ek wil vir julle leer wat God kan doen, ek wil vir julle reguit sê wat Hy besluit het.

12Julle weet dit, julle almal het dit self gesien. Daarom, hoekom hou julle aan om nonsens te praat?”

Job sê hoe God die slegte mense straf

13“Ek sal vir julle sê wat God besluit het, ek sal vir julle sê wat sal gebeur met die mense wat verkeerd doen. Dit is wat die Almagtige sal doen aan die mense wat altyd vir ander mense wil seermaak en doodmaak:

14Hulle sal miskien baie seuns kry, maar die seuns sal nooit genoeg kos hê om te eet nie en hulle sal in oorlog sterf.

15As daar dan nog seuns lewe, dan sal hulle sterf van pes, en hulle weduwees sal nie rou oor hulle nie.

16Die mens wat verkeerd lewe, sal miskien baie silwer bymekaarmaak, so baie soos stof. Hy sal miskien baie hope klere hê, so baie soos klei.

17Maar die mense wat reg lewe, sal daardie klere dra. Mense wat nie verkeerd gedoen het nie, sal die silwer tussen hulle verdeel.

© Bible Society of South Africa.

18Die mens wat verkeerd doen se huis kan hom nie beskerm nie. Hy is soos ’n wurmpie in sy nes, of soos ’n wag in ’n huisie van takke, sy huis kan hom nie beskerm nie.

19Hy is ’n ryk man wanneer hy gaan slaap, maar wanneer hy sy oë oopmaak, dan is alles weg, hy is nie meer ryk wanneer hy weer gaan slaap nie.

20Hy word skielik baie bang, so bang soos wanneer water oor hom spoel, die stormwind waai hom weg in die nag.

21Die oostewind waai hom uit sy huis en hy is weg.

22Die wind is nie jammer vir hom nie, hy probeer vlug, maar die wind waai hom weg.

23Die wind is bly oor wat met hom gebeur, dit blaas hom weg uit sy plek.”

Job 28

Die wysheid

1Job het gesê: “Dit is waar: Daar is ’n plek waar mense silwer kan kry, en daar is ’n plek waar hulle goud kan uitgrawe.

2Hulle haal yster uit die grond en hulle smelt koper uit klip.

3Hulle maak lig waar dit donker is, hulle soek klippe oral waar hulle kan, hulle soek tot in die donkerste diep plekke.

4Hulle grawe slote ver weg van waar mense woon, mense wat verbykom, weet nie van hulle nie, en waar hulle aan toue hang en swaai, is daar nie ander mense nie.

5Kos groei uit die aarde bo hulle, maar onder die aarde verwoes hulle alles, dit lyk of daar ’n vuur was.

6Daar is saffier in die rotse van die aarde en daar is goud in die stof.

7Die arend ken nie daardie pad nie, en die valk sien dit nie.

8Die trotse wilde diere loop nie daar nie, die leeu loop nie daar verby nie.

9Die mense kap die harde rots en hulle grawe diep onder die berge.

10Hulle kap slote in die rotse en hulle soek alles wat kosbaar is.

11Hulle maak die plekke toe waar daar water uitkom en hulle kry dinge, niemand het voorheen daarvan geweet nie.

12Maar die wysheid, waar kry ’n mens dit? Waar kan jy leer om verstandig te wees?

13Mense weet nie hoe kosbaar die wysheid is nie, en jy sal dit nie in hierdie wêreld kry nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Die diep water sê: ‘Die wysheid is nie in my nie,’ die see sê: ‘Die wysheid is nie by my nie.’

15Jy kan nie wysheid koop nie, ook nie met goud nie, jy sal nie kan weeg hoeveel silwer dit sal kos nie.

16Jy kan nie daarvoor betaal met goud uit Ofir, of met kosbare oniks en saffier nie.

17Goud en glas sal nooit genoeg kan wees nie, jy kan nie wysheid ruil vir goue juwele nie.

18En koraal of kristal sal ook nie genoeg wees nie, en ook nie pêrels nie, wysheid is baie meer kosbaar as dit alles.

19 Topaas uit die land Kus of die skoonste goud sal nie genoeg wees nie, jy kan nie daarmee betaal vir wysheid nie.

20Maar die wysheid, van waar kom dit? Waar kan jy leer om verstandig te wees?

21Niks wat lewe, kan die wysheid sien nie, ook nie die voëls in die lug nie.

22Die onderwêreld en die dood sê: ‘Ons het net gehoor dat mense praat van die wysheid, maar ons het dit nie gekry nie.’

23Net God weet waar ’n mens wysheid kan kry, net Hy weet waar dit is,

24want Hy sien tot waar die aarde ophou, Hy sien alles onder die hemeldak.

25Toe God besluit het hoe sterk die wind moet wees en hoeveel water daar in die wolke moet wees,

26toe Hy besluit het waar die reën moet val en waarnatoe die donderstorm moet gaan,

27toe het Hy die wysheid gesien en Hy het daaroor gepraat, Hy het gesê hoe dit moet wees, en Hy het nog meer gedoen, Hy het die wysheid ook getoets.

28En toe het Hy vir die mense gesê: Wysheid is om die Here te respekteer en te dien. As jy verstandig wil wees, dan moet jy nie verkeerd doen nie.”

Job 29

Job onthou hoe lekker hy gelewe het

1Job het weer begin praat. Hy het gesê:

2“Ek wens ek was nog soos lank gelede, soos in die tyd toe God my beskerm het.

3God het sy lig oor my laat skyn, en ek het geweet waar om te loop wanneer dit donker was.

4Ek was toe jonk en sterk, en God was saam met my in my huis.

5Die Almagtige was by my, en my kinders was rondom my.

© Bible Society of South Africa.

6Ek het lekker gelewe, daar was genoeg melk, meer as genoeg, en daar was strome olyf-olie.

7Wanneer ek na die poort van die stad gegaan het en op die oop stuk grond gaan sit het,

8dan het die jongmans ’n entjie weg gaan staan, en die ou mans het opgestaan en bly staan.

9Die leiers het stilgebly en hulle het nie meer gepraat nie.

10Die belangrike mense het opgehou praat en hulle het nie weer iets gesê nie.”

Job sê hy was goed vir arm mense

11“Mense wat my gehoor en gesien het, het my gelukgewens en hulle het goeie dinge oor my gesê.

12Dit was omdat ek mense gered het wat hulleself nie kon help nie, mense wat gevra het dat ek hulle moet help. En ek het ook weeskinders gehelp wat niemand gehad het om hulle te help nie.

13Mense wat naby die dood was, het my geseën, en weduwees was bly oor wat ek vir hulle gedoen het.

14Ek het altyd reg gedoen aan almal, ek het dit elke dag gedoen soos ’n mens elke dag klere aantrek.

15Ek het blinde mense gelei en ek het mense wat kreupel is, gehelp om te loop.

16Ek was soos ’n pa vir arm mense, ek het mense gehelp wanneer hulle voor die hof moes kom, mense wat ek nie geken het nie.

17Ek het gekeer wanneer slegte mense wreed was en wanneer hulle slegte dinge gedoen het aan ander mense.

18Ek het gedink ek sal lank lewe en gelukkig sterf,

19ek het gedink ek sal wees soos ’n boom wanneer sy wortels naby die water is, elke môre is daar dou op sy takke.”

Job sê mense het hom gerespekteer

20“Mense het my altyd gerespekteer, en ek het elke dag nuwe krag gekry.

21Hulle het graag geluister na my en hulle het gewag dat ek vir hulle sê wat hulle moet doen.

22Wanneer ek klaar gepraat het, dan was hulle tevrede, my woorde was vir hulle soos druppels reën.

23Hulle het gewag dat ek moet praat, soos hulle gewag het dat dit moet reën, my woorde was vir hulle so welkom soos die laat reën.

© Bible Society of South Africa.

24Ek was vriendelik met hulle toe hulle gedink het ek sal nie vriendelik wees nie. My vrolike gesig het hulle bemoedig.

25Ek was hulle leier en hulle hoof, ek was soos ’n koning by sy leër, soos iemand wat mense bemoedig, mense wat huil en treur.”

Job 30

Job sê niemand respekteer die mense wat nou vir hom lag nie

1Job het gesê: “Maar nou? Mense lag vir my, mense wat jonger is as ek, mense wie se pa’s ek nie laat sit het by die honde wat my skape opgepas het nie,

2want hulle kon niks doen vir my nie, hulle was te swak om vir my te werk.

3Daardie mense is so maer en honger dat hulle alles eet wat hulle kan kry in die droë, wilde woestyn.

4Hulle pluk soutbos en die blare van bossies, hulle grawe die wortels van besembos uit om vuur te maak.

5Mense jaag hulle weg en skree vir hulle soos hulle vir ’n dief skree.

6Hulle moet woon in die walle van riviere, in gate in die grond, tussen rotse.

7’n Mens hoor dat hulle skree van honger, soos wildedonkies tussen die bossies, hulle sit styf teen mekaar onder die doringbosse.

8Hulle het min verstand, niemand respekteer hulle nie, mense slaan hulle en jaag hulle weg.”

Job sê dat mense hom spot en aanval

9“En nou spot hulle my en hulle maak grappe oor my.

10Hulle wil nie naby my kom nie, hulle bly ver weg, en as hulle by my kom, dan spoeg hulle in my gesig.

11God het my gemaak soos ’n boogskutter met ’n stukkende boog, Hy het my verneder, mense wat my sien, wys dat hulle my nie meer respekteer nie.

12Mense val my aan en hulle jaag my, hulle wil my doodmaak.

13Hulle keer wanneer ek wil weghardloop. Niemand help hulle nie, maar dit is vir hulle lekker om my naby die dood te bring.

14Hulle hardloop na my toe soos soldate wat deur die stukkende muur van ’n stad hardloop, hulle kom vinnig na my toe deur die hope klippe.

15Ek is ’n bang mens, niemand respekteer my nie, ek kan nie meer hoop dat dit beter sal gaan nie.”

Job sê God val hom aan

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16“En nou is my lewe amper verby, ek kry elke dag baie swaar.

17Elke nag is alles in my seer, die pyn hou nooit op nie.

18God gryp my klere met sy groot krag, Hy gryp my aan die kraag van my rok

19en Hy gooi my in die modder, ek het geword soos stof en as.

20O God, ek het geroep na U en ek het gevra dat U my moet help, maar U het my nie geantwoord nie. Ek staan hier, maar U kyk net na my, U doen niks.

21U het wreed geword teen my, U jaag my met u sterk hand.

22U tel my op en U gooi my vir die wind, U gee my vir die stormwind om my heen en weer te ruk.

23Ja, ek weet dat U my na die dood wil bring, na die plek waarnatoe almal moet gaan.

24Maar ek het mense altyd gehelp wanneer hulle swaarkry en skree en vra dat iemand hulle moet help.

25Ek het gehuil saam met die mense wat ’n moeilike lewe gehad het, ek was altyd jammer vir arm mense.

26Ek het toe gedink dat dit goed sal gaan met my, maar dit het sleg gegaan, ek het gedink dat die lig sal skyn oor my, maar die donker het gekom.”

Job vra dat iemand hom moet help, maar niemand doen dit nie

27“Alles in my kook, dit word nie stil nie, dit gaan elke dag slegter.

28Ek lewe elke dag in die donker, die son skyn nie op my nie. Ek staan in die volksvergadering en ek vra dat iemand my moet help.

29Ek huil saam met die jakkalse, ek is so alleen soos die volstruise.

30My vel het swart geword, die bene in my is warm van die koors.

31As ek op my lier speel, dan doen ek dit om ’n klaaglied te sing, as ek die fluit blaas, dan huil ek saam met die fluit.”

Job 31

Job sê dat God weet hoe Job gelewe het

1Job het gesê: “Ek het vir myself gesê ek mag nooit na ’n jongmeisie kyk en haar begeer nie.

2Maar wat het God aan my gedoen? Sal die Almagtige in die hoë hemel iets vir my doen?

3Dit moet sleg gaan met mense wat verkeerd doen. Mense wat slegte dinge doen, moet swaarkry.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4God weet hoe ek gelewe het, Hy weet alles wat ek gedoen het.

5Ek was nie vals en skynheilig nie.

6Wanneer God my toets, dan sal Hy weet dat ek heeltemal reg gelewe het.

7Ek het nie weggedraai van die regte pad nie, ek het nie iets gevat wat ek graag wou hê nie, my hande is skoon.

8As my hande nie skoon is nie, dan moet ander mense die koring eet wat ek gesaai het, hulle moet die plante uittrek wat ek geplant het.

9Ek het nie iemand anders se vrou begeer en gewag om skelm by haar te gaan slaap nie.

10As ek dit gedoen het, dan moet my vrou vir ’n ander man kos gaarmaak en dan moet hý seks hê met haar,

11want dan het ek iets gedoen wat baie verkeerd is, en dan moet die Regter my straf.

12Dit sal vir my wees soos ’n vuur wat brand tot in die onderwêreld, ’n vuur wat alles verbrand wat ek het.

13Ek het altyd reg gedoen aan ’n slaaf of slavin wanneer een van hulle my beskuldig het.

14As ek nie reg gedoen het aan hulle nie, wat sal ek doen wanneer God my oordeel? Wat sal ek kan antwoord wanneer Hy vra wat ek gedoen het? Niks.

15Hy het my gemaak en Hy het ook my slawe gemaak. Dieselfde God het ons gemaak.

16Wanneer arm mense iets wou hê, dan het ek nie nee gesê nie, en ek het nie ’n weduwee honger laat bly nie.

17Ek het nie my kos alleen geëet nie, ek het vir weeskinders ook van my kos gegee.

18Ja, ek was altyd soos ’n pa vir weeskinders en ek het weduwees altyd gehelp.

19Wanneer ek gesien het dat ’n arm mens nie klere het nie en dat hy koud moet slaap,

20dan het ek vir hom klere gegee van my eie skape se wol, en hy het vir my dankie gesê.

21Ek het nie my vuis vir ’n weeskind gewys nie, ook nie wanneer ek gesien het dat die ander mense in die poort sal sê dat dit reg is nie.

22As ek dit gedoen het, dan moet iemand my arms breek en uit my skouers ruk.

© Bible Society of South Africa.

23 Ja, ek was bang dat God my sal straf, ek sou nie voor Hom, die Koning, kon staan
nie.

24 Ek het nie gedink dat goud my sal beskerm sodat dit goed sal gaan met my nie.

25 Ek was nie hoogmoedig omdat ek ryk was en baie goed bymekaargemaak het nie.

26 Ek het nie na die son gekyk wat so helder skyn of na die maan wat so blink,

27 en ek het my nie dan laat verlei nie. Ek het nie vir hulle soene gegooi met my hand
en hulle gedien wanneer niemand kyk nie.

28 As ek dit gedoen het, dan het ek sonde gedoen, en dan moet God my straf, want
dan was ek vals teen Hom.

29 Ek was nie bly wanneer dit skielik sleg begin gaan het met mense wat my haat nie,
ek het nie gejuig wanneer hulle begin swaarkry nie.

30 Ek het nie die sonde gedoen om daardie mense te vervloek nie.

31 Die mense wat in my huis gekom het, het nooit honger weggegaan nie,

32 ek het nie vreemdelinge buite laat slaap nie, ek het my deur oopgemaak vir mense
wat by my huis verbygekom het.

33 Ander mense probeer wegsteek wanneer hulle verkeerd gedoen het, ek het dit nie
gedoen nie.

34 Ek was nie bang vir wat mense sal sê nie, ek het nie geskrik omdat ander families
miskien kon dink dat ek nie belangrik is nie. Ek het nie stilgebly en in die huis gebly
nie.

35 Ek wens dat iemand na my wou luister! Ek teken my naam, ek sê dat ek die
waarheid gepraat het. Die Almagtige moet my nou antwoord. Die persoon wat my
wil beskuldig, moet skryf wat ek gedoen het.

36 Ek sal die dinge wat hy skryf, vir almal wys, ek sal dit op my skouers dra en op my
kop.

37 Ek sal elke ding sê wat ek gedoen het, ek sal voor die persoon staan soos ’n leier
wat vir niks bang is nie.

38 Ek het in grond gewerk, ek het dit geploeg, maar ek het betaal vir die koring-oes
wat ek afgesny het.

39 Dit is ander mense se grond, maar hulle het genoeg gekry om te eet, hulle het nie
baie swaar gekry nie.

40 As ek verkeerd gedoen het aan hulle, dan moes daar dorings en onkruid gegroei
het en nie koring en gars nie.” Job het toe klaar gesê wat hy wou sê.

© Bible Society of South Africa.

Job 32

Elihu praat

1Die drie manne het opgehou om met Job te praat, want hy het aangehou sê dat hy onskuldig is.

2Maar toe het Elihu kwaad geword vir Job. Elihu was die seun van Barakel. Barakel was van die Ram-familie, van die nageslag van Bus. Elihu het kwaad geword omdat Job gesê het hý is reg en God is verkeerd.

3Elihu was ook kwaad vir Job se drie vriende omdat hulle nie geweet het wat om vir Job te antwoord nie. Hulle het net gesê dat Job verkeerd gedoen het.

4Elihu wou nie dadelik met Job praat nie, want die drie vriende was ouer as hy.

5Maar toe hy sien dat die drie vriende nie vir Job kan antwoord nie, het hy kwaad geword.

6Elihu seun van Barakel, van die nageslag van Bus, het begin praat en hy het gesê: “Ek is jonk, en julle is oud, daarom het ek gewag, ek was bang om vir julle te sê wat ek weet.

7Ek het gedink ouer mense moet eerste praat, want hulle weet wat wysheid is.

8Maar nee, dit is die gees in ’n mens, die gees wat die Almagtige gee, wat ’n mens verstandig maak.

9’n Mens kry wysheid nie net omdat jy oud geword het nie, ’n mens weet wat reg is nie net omdat jy ’n oumens is nie.

10Daarom sê ek: Luister na my, ek wil ook sê wat ek weet.

11Onthou, ek het gesê ek het gewag totdat julle eerste gepraat het, ek het geluister na die slim dinge wat julle gesê het terwyl julle gesoek het na die regte woorde.

12Ek het goed geluister na wat julle sê, maar niemand kon wys dat Job verkeerd is nie, nie een van julle kon hom reg antwoord nie.

13Oppas, julle moenie sê: ‘Ons het wysheid gekry’ nie. ’n Méns kan nie vir Job antwoord nie, net God kan dit doen.

14Job het nie met mý gepraat nie, en ek sal hom nie antwoord soos julle dit probeer doen het nie.

15Job, jou vriende weet nie meer wat om te sê nie, hulle is deurmekaar.

16Maar ek sal nie langer wag nie, want hulle sê niks, hulle staan net daar, hulle praat nie meer met jou nie.

17Nou wil ek ook iets doen, ek wil sê wat ek weet.

© Bible Society of South Africa.

18Want ek het baie wat ek wil sê, ek kan nie stilbly nie.

19Ja, ek voel soos ’n wynsak wat wil bars, die woorde waaraan ek dink, is so baie.

20Ek moet praat, dan sal ek beter voel, ek sal sê wat ek wil sê.

21Ek wil nie téén een mens wees en ’n ander mens kies nie, ek wil niemand te veel prys nie.

22Ek prys nie graag mense nie, en wanneer ek dit doen, dan sal God my dadelik straf, God wat my gemaak het.

Job 33

1Maar, Job, jy moet nou luister na my, jy moet alles hoor wat ek sê.

2Kyk goed, ek maak my mond oop, die tong in my mond praat.

3Ek sal baie eerlik wees, ek sal duidelik sê wat ek weet.

4God die Almagtige het my gemaak, Hy het vir my lewe gegee, Hy het asem gegee wat my laat lewe.

5Job, jy moet my antwoord as jy kan, jy moet gereedmaak om te praat.

6Kyk, wanneer ons saam voor God staan, dan is ek dieselfde soos jy, Hy het my ook van klei gemaak.

7Daarom, jy moenie bang wees vir my nie, ek sal dit nie vir jou baie moeilik maak nie.

8Ek het goed gehoor wat jy sê, ek kan jou woorde nou nog onthou.

9Jy het gesê: ‘Ek is onskuldig, ek het niks verkeerd gedoen nie, my hande is skoon, ek het nie sonde gedoen nie.

10Maar God is téén my, Hy maak of ek sy vyand is.

11Hy sit my voete in ’n blok, Hy sien alles raak wat ek doen.’

12Maar Job, ek sê vir jou: Jy is verkeerd wanneer jy dit sê. God is groot, ’n mens kan nie met Hom stry nie.

13Hoekom beskuldig jy vir God? Hoekom sê jy dat Hy nie wil antwoord nie?

14Want God praat weer en weer, maar mense luister nie.

15God praat in die nag, wanneer mense vas slaap, Hy wys vir hulle dinge wanneer hulle droom.

16Hy sê duidelik vir hulle wat Hy wil hê, Hy waarsku hulle, en hulle word bang.

17Hy wil hê hulle moet ophou om verkeerd te doen, hulle moet ophou om hoogmoedig te wees.

© Bible Society of South Africa.

18God wil keer sodat ’n mens nie sterf nie, Hy wil die mens red van die graf.

19Hy straf ’n mens, Hy laat hom siek word, die pyn hou nooit op nie.

20Kos maak daardie mens naar, ook die lekkerste kos.

21Hy word so maer dat hy net vel en bene is.

22Hy is naby die dood, hy is amper in die graf.

23Maar daar kom miskien ’n engel by hom, een van die baie engele wat daar is. Die engel wil vir hom bid en vir hom sê wat hy moet doen.

24Die engel is jammer vir hom en die engel bid en sê: ‘Moenie dat hy sterf nie, ek sal hom loskoop.’

25Dan sal daardie mens weer jonk word, sy liggaam sal nuwe krag kry.

26Hy sal tot God bid, en God sal doen wat hy vra. Hy sal vir God dien en bly wees, God sal hom beloon omdat hy gedoen het wat reg is.

27Dan sal hy vir mense sê: ‘Ek het sonde gedoen, ek het nie gedoen wat reg is nie, en God het my nie gestraf nie.

28Hy het my gered, ek het nie gesterf nie, ek geniet nog die lewe.’

29Luister na my: God doen dit alles met ’n mens, Hy doen dit weer en weer.

30God hou ’n mens weg van die graf, Hy laat die mens die lewe geniet.

31Job, jy moet luister na my, jy moet hoor wat ek sê, jy moet stilbly sodat ek kan praat.

32Of, as jy iets wil sê, dan moet jy dit vir my sê. Jy moet praat, ek wil graag hoor dat jy onskuldig is.

33As jy niks het om te sê nie, dan moet jy luister na my. Jy moet stilbly, sodat ek vir jou wysheid kan leer.”

Job 34

Elihu praat weer

1Elihu het weer gepraat. Hy het gesê:

2“Julle is die wyse mense, maar julle moet luister na my, julle weet alles, maar julle moet hoor wat ek sê.

3Ore moet hoor wat woorde beteken, tonge moet proe hoe kos smaak.

4Kom ons besluit wat reg is, ons moet weet wat die beste is.

5Want Job het gesê: ‘Ek is onskuldig, maar God het nie reg gedoen aan my nie.

© Bible Society of South Africa.

6Ek is reg, ek kan nie daaroor lieg nie, ek het nie verkeerd gedoen nie, maar ek sterf van my seerplekke.’

7Watter soort mens is Job? Hoekom hou hy aan om vir God te spot?

8Hy is vriende met mense wat slegte dinge doen, hy doen dieselfde dinge wat mense doen wat verkeerd lewe.

9Want hy het gesê dit help nie om te doen wat God wil hê nie.

10Julle slim mense, julle moet luister na my. God doen nie verkeerd nie, die Almagtige doen niks wat sleg is nie.

11Nee, God gee vir elke mens wat hy moet kry. God kyk hoe elke mens gelewe het, en dan gee God vir hom wat hy daarvoor moet kry.

12En ook, God doen nie verkeerd nie, Hy oordeel altyd reg, dit is seker.

13God regeer oor die aarde, niemand het gesê Hy moet dit doen nie. Die hele wêreld behoort aan Hom, niemand het dit vir Hom gegee nie.

14As Hy besluit om die lewe van ’n mens terug te neem, die asem wat Hy gegee het,

15dan sal alles wat lewe, saam sterf, al die mense sal weer stof word.

16Job, as jy verstaan wat ek vir jou sê, dan moet jy luister.

17Dink jy regtig dat God kan regeer as Hy nie daarvan hou om reg te doen nie? Dink jy dat God verkeerd gedoen het, God wat sterk en regverdig is?

18God sê vir konings en belangrike mense dat hulle sleg is en verkeerd doen.

19Hy sê nie altyd dat net die leiers reg is nie, Hy doen nie méér vir ryk mense as vir arm mense nie, want Hy het hulle almal gemaak.

20Elke mens sterf wanneer God so besluit. Mense skrik groot in die middel van die nag, hulle sterf, hulle is miskien belangrike mense, maar hulle sterf maklik.

21God sien alles wat ’n mens doen, Hy sien elke tree wat ’n mens gee.

22Mense wat slegte dinge doen, kan probeer om weg te kruip in donker plekke, maar God kan ook dáár vir hulle sien.

23Ja, God kyk net een maal na ’n mens wanneer die mens moet kom sodat God hom kan oordeel.

24God weet klaar, Hy sal nie eers kyk en luister wanneer Hy belangrike mense verneder en ander mense in hulle plek kies en aanstel nie.

25Nee, Hy weet alles wat hulle doen, en Hy verander alles in een nag, Hy breek hulle.

© Bible Society of South Africa.

26Hy straf hulle op die plek waar Hy die mense straf wat verkeerd doen en waar almal dit sien.

27Hy doen dit omdat hulle opgehou het om Hom te dien, en omdat hulle nie wou doen wat Hy wil hê nie.

28Dit is hoekom die arm mense geskree het en gevra het dat God hulle moet help. God het gehoor hoe skree die mense wat hulleself nie kan help nie.

29-30As Hy stilbly en nie help nie, dan kan niemand sê dat Hy verkeerd doen nie. As Hy wegkyk, dan kan niemand vra dat Hy moet help nie. Hy laat mense regeer wat Hom nie dien nie, hulle vang volke en mense in hulle vangnette.

31Job, het jy bely dat jy sonde gedoen het? Het jy belowe om dit nie weer te doen nie?

32Het jy gevra dat God jou sondes vir jou moet wys? Jy het verkeerde dinge gedoen, maar jy het nie geweet dat dit sonde is nie. Wanneer jy verkeerd gedoen het, het jy dan gesê dat jy dit nie weer sal doen nie?

33Jy wil nie aanvaar dat God reg doen nie, moet Hy nou vir jou daaroor straf? Dit moet jý besluit, nie ek nie. Jy moet sê wat jy weet.

34'n Verstandige en wyse mens wat my hoor, sal sê:

35'Job weet nie wat hy praat nie, hy sê niks wat verstandig is nie.'

36Job praat soos 'n slegte mens praat, ons moet alles hoor en ons moet besluit of hy reg of verkeerd is,

37want hy het sonde gedoen en hy is ook opstandig teen God. Hy hou aan om met ons te stry, hy praat en praat teen God."

Job 35

Elihu praat die derde maal

1Elihu het nóg gepraat en hy het gesê:

2"Job, dink jy dit is reg dat God moet sê jy is onskuldig?

3Nee, jy vra vir God: 'Wat sal U vir my doen? Help dit vir my dat ek nie sonde gedoen het nie?'

4Ek sal jou antwoord, en ek sal ook jou vriende saam met jou antwoord.

5Kyk op in die lug, kyk goed, kyk na die wolke hoog bokant jou.

6As jy sonde gedoen het, wat kan dit aan God doen? As jy aangehou het om verkeerd te doen, wat doen dit aan Hom?

7Of as jy nie verkeerd gedoen het nie, wat doen jy vir God, wat kry Hy van jou?

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8Wanneer jy verkeerd doen, dan is dit ménse wat swaarkry, mense soos jy. En wanneer jy reg doen, dan doen jy dit aan ménse.

9Wanneer iemand ander mense verdruk, dan skree hulle en hulle vra dat iemand moet help. Hulle roep en vra dat iemand hulle moet help teen mense wat sterker is as hulle.

10Maar hulle vra nie vir God om hulle te help nie, God wat hulle gemaak het en wat hulle laat sing ook wanneer dit donker is om hulle.

11God leer vir ons meer as vir die diere, Hy maak ons slimmer as die voëls, ons verstaan beter.

12Daarom doen Hy niks wanneer daardie mense skree en vra dat iemand hulle moet help nie, want hulle is hoogmoedig en sleg.

13Dit help niks dat hulle skree nie, God hoor hulle nie, die Almagtige sien hulle nie.

14Job, God sal nog minder luister na jou as jy sê dat jy Hom nie sien nie, as jy sê dat jy gekla het by Hom en dat jy nou wag dat Hy iets moet doen.

15Jy sê ook dat God nie mense straf wanneer Hy kwaad is nie, en dat Hy ook nie baie goed kyk wanneer mense sonde doen nie.

16Nee, Job, jy sê dinge wat nie is soos dit moet wees nie, jy praat en praat, maar jy weet niks."

Job 36

Elihu praat die vierde maal

1Elihu het nóg gepraat. Hy het gesê:

2"Job, jy moet nog 'n bietjie wag, ek wil nóg met jou praat, ek wil nóg dinge sê oor God.

3Ek sal vir jou wys hoe baie ek weet, ek wil wys dat God regverdig is, God wat my gemaak het.

4Jy kan glo wat ek sê, ek praat net die waarheid.

5Jy moet onthou, God is sterk, Hy dink nie dat party mense minder belangrik is nie. Hy het baie krag en wysheid.

6Hy laat nie die mense aanhou lewe wat verkeerd doen nie. Hy doen reg aan die mense wat hulleself nie kan help nie.

7Hy beskerm altyd die mense wat reg doen, Hy laat hulle vir altyd soos konings op trone sit, hulle word belangrike mense.

8As hulle gevangenes in kettings word en baie swaar kry,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9dan is dit omdat God vir hulle laat voel dat hulle verkeerd gedoen het toe hulle hoogmoedig geword het.

10Hy maak hulle gehoorsaam aan alles wat Hy vir hulle wil leer, Hy sê vir hulle dat hulle moet ophou om verkeerde dinge te doen.

11As hulle luister en Hom dien, dan gaan dit goed, hulle is gelukkig, hulle hele lewe lank.

12As hulle nie luister nie, dan sterf hulle, hulle sterf omdat hulle nie wou weet wat hulle moet doen nie.

13God word nog meer kwaad vir mense wat nie vir Hom wil dien nie, vir mense wat nie tot Hom bid wanneer hulle gevangenes word nie.

14Hierdie mense sterf gou, want hulle doen slegte dinge.

15God laat mense swaarkry sodat Hy hulle kan red. Hy laat dit sleg gaan met hulle sodat hulle gehoorsaam kan word.

16Job, God sal jou help, jy sal nie meer swaarkry nie, dit sal weer baie goed gaan met jou, daar sal weer lekker kos op jou tafel wees.

17Maar God straf jou swaar soos Hy mense moet straf wat verkeerd doen, en jy moet tevrede wees wanneer Hy jou straf.

18Jy is kwaad, maar jy moenie daarom kies om verkeerd te doen nie. Jy moenie verkeerde dinge doen wanneer jy omkoopgeld kry nie.

19Dit sal nie help om te skree wanneer dit sleg gaan met jou en jy vra dat iemand jou moet help nie. Dit sal nie help as jy sterk is nie.

20Jy moenie verlang na die donker, na die tyd wanneer God mense wegneem nie.

21Jy moet oppas en jy moenie weer sonde doen nie, want jy het gekies om sonde te doen, dit was vir jou beter as om swaar te kry.

22Onthou, God is sterk, Hy regeer. Niemand kan vir mense leer soos Hy dit doen nie.

23Niemand kan vir Hom sê wat Hy moet doen nie, niemand kan vir Hom sê dat Hy verkeerd doen nie.

24Jy moenie vergeet om die dinge wat Hy doen, te prys nie. Mense het altyd gesing oor die dinge wat Hy doen.

25Al die mense sien wat Hy doen, maar hulle sien dit nie naby hulle nie.

26Onthou, God is groot, ons kan nie weet hoe groot Hy is nie, ons kan nie weet hoe oud Hy is nie.

27Hy trek die druppels water op en Hy verander die druppels in reën.

© Bible Society of South Africa.

28Die wolke laat dit reën, die reën val op al die baie mense.

29Niemand verstaan hoe die wolke bymekaarkom, en hoe die donderweer raas en dreun daar waar God woon nie.

30God laat die weerlig oral slaan, maar Hy laat die see donker bly.

31Hy regeer, Hy gee die reën, en almal het kos om te eet, meer as genoeg kos.

32Hy vat die weerlig in sy hand en Hy stuur dit waar dit moet wees.

33Die beeste hoor ook hoe die donderweer raas en dreun, en hulle wys dat daar ’n storm kom.

Job 37

1Die storm laat my hart bewe, ek skrik en ek ruk.

2Luister goed na die stem van God, hoor hoe raas en dreun dit!

3Hy stuur die weerlig oral deur die lug, dit slaan oor die hele aarde.

4En dan raas en dreun die donderweer, God praat met sy harde stem, en die donderweer hou aan om te raas terwyl Hy, die Koning, praat.

5God doen wonderlike dinge wanneer Hy sy stem laat raas, Hy doen groot dinge, dinge wat ons nie verstaan nie.

6Hy sê vir die sneeu: ‘Val op die aarde!’ en Hy sê vir die reën: ‘Maak die grond goed nat!’

7Hy laat al die mense ophou werk sodat hulle kan sien wat Hy doen.

8Die diere gaan lê en hulle bly in hulle lêplek.

9Die stormwind kom uit die suide, die koue winde kom uit die noorde.

10Die wind wat God stuur, laat die water vries, dit word een stuk ys.

11God maak die wolke vol water, die weerlig slaan in die wolke.

12Die wolke draai om en om wanneer God so besluit, hulle doen wat Hy sê, oral op die aarde.

13God stuur die storms om mense te straf of om vir die aarde te sorg of om te doen wat Hy belowe het.

14Job, jy moet luister na wat ek sê, jy moet stilstaan en dink oor die wonderwerke van God.

15Weet jy hoe God dit alles doen? Weet jy hoe Hy die weerlig uit die wolke laat slaan?

© Bible Society of South Africa.

16Weet jy hoe die wolke bymekaarkom? Dit is God wat hierdie wonderlike dinge laat gebeur, God wat alles weet.

17Job, jou klere word baie warm wanneer die warm oostewind waai.

18Jy kan nie die hemeldak maak nie, die hemeldak wat so hard is soos ’n spieël van metaal.

19Wil jy nou vir ons leer wat ons vir God moet sê? Ons weet nie wat om te sê nie, ons is baie dom.

20Niemand moet vir God sê dat ek wil praat nie. Ek wil nie hê dat Hy my moet laat sterf nie.

21Mense kan nie na die son kyk wanneer die wind gewaai het en die wolke weg is nie.

22Wanneer God uit die noorde kom, dan blink alles soos goud, almal word bang vir die lig wat rondom Hom, die Koning, is.

23Ons kan nie naby die Almagtige kom nie, sy krag is baie groot. Hy doen reg, Hy is altyd regverdig, Hy verdruk niemand nie.

24Daarom is al die mense bang vir Hom. Hy kyk nie na mense wat dink dat hulle wysheid het, maar hulle het dit nie.”

Job 38

God praat met Job

1Die Here het met Job gepraat. Die Here was in ’n stormwind, en Hy het gesê:

2“Job, wie is jy? Dink jy dat jy kan sê Ek besluit verkeerd? Jy weet nie wat jy praat nie.

3Jy moet gereedmaak, jy moenie bang wees nie. Ek sal vra, en jy moet my antwoord.”

Die aarde en die see

4“Waar was jy toe Ek die aarde op sy fondamente gesit het? Sê vir my as jy so baie weet.

5Wie het ’n maatlyn styfgetrek en gemeet hoe groot die aarde moet wees? Weet jy?

6Waarop staan die voetstukke van die pilare van die aarde? Wie het die hoek-klip onder die aarde gesit?

7Daardie dag het al die môre-sterre gesing en almal in die hemel het gejuig.

8Wie het deure ingesit en die see toegesluit toe die water oor die aarde begin vloei het?

9Dit was toe Ek wolke oor die see gesit het sodat dit donker was oor die see.

© Bible Society of South Africa.

10 Ek het ’n grens gemaak vir die see, Ek het deure met sluitbalke ingesit

11 en Ek het gesê: Jy mag tot hier kom, jy mag nie verder kom nie, hier moet jou branders breek.”

Die oggend, die donker en die doderyk

12 “Job, het jy in jou lewe vir die oggend gesê dat hy moet kom, het jy vir die dag gesê wanneer dit moet begin?

13 Het jy vir die oggendlig gesê om die aarde te gryp en die mense af te skud wat verkeerd doen?

14 Wanneer dit lig word, dan verander die aarde soos klei verander wanneer ’n mens ’n seël op die klei druk. Die berge en die valleie is soos die voue in ’n bo-kleed.

15 Wanneer die nag verby is, dan kan die mense wat verkeerd doen, nie meer ander mense seermaak en doodmaak nie.

16 Job, was jy al by die fontein waar die see se water uitkom? Het jy al rondgeloop onder op die diep plekke onder die groot see?

17 Het jy die poorte van die doderyk gesien, die poorte van die donker plek?

18 Weet jy hoe groot die aarde is? Sê vir My, as jy dit weet.

19 Weet jy waar die lig en die donker woon, ken jy die pad daarnatoe?

20 Kan jy die lig en die donker neem waar hulle moet wees? Kan jy hulle terugneem na hulle plek?

21 Job, was jy daar toe Ek die wêreld gemaak het, is jy so oud?”

Die sneeu en die hael, die reën en die dou

22 “Was jy by die plek waar Ek die sneeu en die hael bêre, het jy dit gesien?

23 Ek bêre die sneeu en die hael vir die tyd wanneer Ek wil oorlog maak.

24 Job, weet jy van waar die lig begin skyn en waar die oostewind oor die aarde begin waai?

25 Wie het vir die reën en die donderweer ’n pad gemaak

26 sodat dit kan reën op ’n plek waar daar nie mense is nie en in die woestyn waar niemand woon nie?

27 Wanneer dit reën, dan word die droogste plekke nat, en gras begin daar groei.

28 Wie maak die reën en die dou?

29 Wie laat dit ys en ryp?

30 Dan word die water so hard soos klip, en dit ys op die groot see.”

Die sterre en die weer

© Bible Society of South Africa.

31“Kan jy die Sewe-ster vasbind of Orion se belt losmaak?

32Kan jy die sterre op die regte tyd laat uitkom, kan jy die Beer en die ander sterre by hom lei?

33Weet jy wat is die reëls wat Ek vir die sterre in die lug gegee het? Kan jy sê die aarde moet dieselfde doen?

34Kan jy met die wolke praat en sê hulle moet dit laat reën op jou?

35Kan jy die weerlig na jou toe laat kom en sal hy dan gaan waarnatoe jy hom stuur?”

Die ibis en die haan

36“Wie gee vir die ibis die verstand om te waarsku wanneer die Nyl-rivier se water oor die walle vloei? Wie maak die haan so slim dat hy kan sê wanneer die oggend kom?

37Wie is so slim dat hy die wolke kan tel, die watersakke in die lug? Wie kan die reën uit die wolke gooi

38wanneer die grond hard en droog is?”

Job 39

Die leeu en die kraai

1“Kan jy diere vang vir ’n leeu, kan jy vir hom genoeg gee om te vreet

2wanneer hy lê en wag agter die bosse?

3Wie gee vir ’n kraai die kos wat hy moet hê wanneer sy kleintjies honger is en rondloop en na God roep om hulle te help?”

Die klipspringers en die wildedonkies

4God het nog met Job gepraat en vir hom gesê: “Job, weet jy wanneer die klein klipspringers gebore word? Staan jy en kyk waar die takbokke lammers kry?

5Weet jy hoe lank ’n ooi die kleintjie dra en wanneer sy die lammetjie moet kry?

6Weet jy wanneer sy gaan lê om die kleintjie te kry?

7Die kleintjies word gou groot in die veld, hulle gaan weg en kom nie terug nie.

8Wie het gesê die wildedonkie mag vry wees, wie het hom gelos sodat hy kan loop waar hy wil?

9Ek laat hom woon in die droë plekke, die sout-veld is sy woonplek.

10Dit wildedonkie spot omdat dit so raas in die stad, hy hoor nie dat iemand vir hom skree en hom jaag nie.

11Hy soek sy kos in die berge, hy kyk waar al die groen plantjies is.”

Die oer-os

© Bible Society of South Africa.

12“Sal die oer-os vir jou wil werk? Sal hy by jou krip kom slaap?

13Kan jy hom vang met ’n tou sodat hy jou ploeg kan trek? Kan jy hom lei sodat hy jou land sal omploeg?

14Kan jy sy groot krag gebruik sodat hy jou swaar werk kan doen?

15Dink jy hy sal ook nog jou koring na die dorsvloer bring?”

Die volstruis

16“’n Volstruis kan haar vlerke vrolik klap, maar sy kan nie vlieg soos ’n ooievaar nie.

17’n Volstruis lê haar eiers op die grond, sy broei hulle uit in die stof.

18Sy dink nie daaraan dat wilde diere op die eiers kan trap en dit kan breek nie.

19Sy is ’n wrede ma vir haar kleintjies, sy maak of hulle nie háár kleintjies is nie, sy is nie bekommerd as sy die eiers uitgebroei het, en as die kleintjies nie lewe nie.

20God het nie vir haar wysheid gegee nie, Hy het haar nie verstandig gemaak nie.

21Maar wanneer sy haar vlerke optel en sy hardloop, dan lag sy vir die perd en vir die man wat op hom ry.”

Die perd

22“Job, is dit jý wat vir die perd sy krag gee, sit jy die lang hare aan sy nek?

23Het jy vir die perd geleer om te spring soos ’n sprinkaan? Almal word bang wanneer hy snork.

24Hy kap die grond met sy pote, hy wys dat hy sterk is en dat hy graag in die oorlog wil ingaan.

25Hy is nooit bang nie, hy vlug nie vir oorlog nie.

26Die pyle raas in die sak langs hom, en die spiese blink.

27Hy kan nie stilstaan nie, hy is gereed om te hardloop wanneer die ramshoring blaas.

28Hy snork wanneer die ramshoring blaas, hy weet dat die oorlog kom, hy hoor die offisiere skree dat die oorlog moet begin.”

Die valk en die aasvoël

29“Het jy vir die valk geleer om hoog te vlieg, het jy vir hom geleer om sy vlerke oop te maak en na die suide te vlieg?

30Het jy vir die aasvoël gesê hy moet sy nes op ’n hoë plek gaan bou?

31Sy nes is op die rotse, hy bly op die hoogste plekke van die berge.

32Hy sit daar en kyk af om sy kos te soek, hy kan dit ver sien.

33Die aasvoël kom waar dooie liggame lê, en sy kleintjies vreet die rou vleis.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die Here praat weer met Job

34Die Here het toe vir Job gesê:

35“Jy wou die Almagtige beskuldig, jy wou vir God sê dat Hy verkeerd gedoen het. Nou moet jy antwoord.”

Job sê hy sal nou stilbly

36Job het toe vir die Here gesê:

37“Ek weet nou dat ek niks beteken nie, wat kan ek antwoord? Ek sal niks sê nie.

38Ek het probeer om te sê wat ek wou sê, ek het dit weer en weer gedoen, maar nou sal ek stilbly, ek sal nie antwoord nie.”

Job 40

Die Here praat weer met Job

1Toe het die Here weer met Job gepraat. Die Here was in ’n stormwind en Hy het gesê:

2“Job, jy moet gereedmaak, jy moenie bang wees nie. Ek sal vra, en jy moet my antwoord.

3Wil jy regtig sê dat Ek verkeerd is, wil jy sê dat Ek skuldig is en dat jy onskuldig is?

4Is jy so sterk soos God? Kan jy soos God die donderweer laat raas en dreun?

5As jy dit kan doen, wys dan dat jy ook ’n koning is, dat jy sterk is en dat almal jou moet respekteer.

6Wys hoe kwaad jy is, kyk na elke mens wat hoogmoedig is, en verneder hom.

7Kyk na elke mens wat hoogmoedig is, en verneder hom, trap die mens wat verkeerd doen, plat, trap hom daar waar hy staan.

8Begrawe hulle in die grond, sluit hulle toe in die doderyk.

9As jy dit kan doen, dan sal Ek jou prys, want dan het jy gewen.”

Die seekoei

10“Maar kyk ook na die seekoei. Toe Ek jou gemaak het, het Ek ook die seekoei gemaak. Hy vreet gras soos ’n bees.

11Hy is ’n sterk dier, sy liggaam is vol spiere.

12Hy hou sy stert so reguit soos ’n sederboom, en hy het sterk spiere in sy bene.

13Die bene in sy lyf is so sterk soos waterpype van brons, so sterk soos stukke yster.

14Hy is die belangrikste dier, God het hom gemaak, en net God kan hom oorwin.

15Hy kry sy kos in die berge waar al die wilde diere speel.

© Bible Society of South Africa.

16Hy lê onder die waterplante, hy kruip weg tussen die riete in die vlei.

17Die waterplante maak hom toe, hulle skaduwee beskerm hom, en rondom staan die populierbome wat in die valleie groei.

18Wanneer die rivier vol word, dan skrik hy nie, hy staan stil as die Jordaan-rivier se water teen sy bek vloei.

19Niemand kan sy oë toedruk en hom aan sy neus vang nie."

Die krokodil

20God het vir Job gesê: "Kan jy 'n krokodil uit die water trek met 'n hoek, en kan jy sy bek toebind met 'n tou?

21Kan jy 'n tou van biesies deur sy neus steek en kan jy 'n hoek vasmaak aan sy kakebeen?

22Sal hy aanhou om mooi te vra dat jy hom moet los, sal hy aanhou soebat?

23Sal hy 'n ooreenkoms maak met jou sodat hy altyd jou slaaf sal wees?

24Kan jy met hom speel soos met 'n voëltjie? Kan jy hom vasbind en hom wys vir jou slavinne?

25Kan mense hom vang en verkoop en in stukke sny vir die handelaars?

26Kan hulle spiese deur sy vel gooi en 'n ysterhaak aan sy kop sit?

27As jy een maal aan hom geraak het, dan sal jy dit nie weer probeer doen nie, jy sal daardie oorlog onthou.

28Jy moet dit weet, jy sal nie kan wen nie, jy sal val wanneer jy net kyk na hom.

Job 41

1Die krokodil is wreed wanneer jy hom wakker maak. "As mense bang is vir 'n krokodil, wie kan dan voor Mý bly staan?

2Alles op die aarde behoort aan My. Niemand kan sê dat Ek iets vir hom skuld nie.

3"Ek wil ook praat oor die liggaamsdele van die krokodil, en Ek wil praat oor hoe sterk en goed gebou hy is.

4Niemand kan hom van voor aanval en sy vel afslag nie, sy vel is soos 'n harnas.

5Niemand kan sy kakebene oopmaak nie, almal is bang vir sy tande.

6Die rye skubbe op sy rug lê vas teen mekaar,

7so vas dat die wind nie daardeur kan waai nie.

8Die skubbe is so vas teen mekaar dat niemand hulle kan losmaak van mekaar nie.

© Bible Society of South Africa.

9Wanneer die krokodil nies, dan lyk dit soos vuurvlamme, en sy oë is so rooi soos die son vroeg in die oggend.

10Daar kom vuur uit sy bek, die vuurvlamme skiet uit sy bek.

11Daar kom stoom uit sy neusgate, soos uit ’n pot wat kook.

12Sy asem steek vuur aan die brand, daar kom vlamme uit sy bek.

13Sy nek is baie sterk, almal skrik wanneer hulle hom sien.

14Die sagste deel van sy liggaam is so hard soos metaal.

15Hy is vir niks bang nie, sy hart is so hard soos klip, so hard soos die onderste maalklip.

16Wanneer hy opkom uit die water, dan skrik almal wat sterk is, hulle vlug wanneer hy die water slaan met sy stert.

17Dit help nie om hom te steek met ’n swaard nie, ook nie met ’n spies of ’n pyl nie.

18Yster en brons is vir hom soos kaf, soos vrot hout.

19Hy vlug nie vir ’n pyl en boog nie, klippe uit ’n slingervel maak hom nie seer nie.

20’n Knopkierie kan niks doen aan hom nie, en hy lag wanneer mense spiese na hom gooi.

21Die skubbe op sy pens is soos die stukkies van ’n kleipot, waar hy loop, daar lyk dit of iemand ’n dors-slee oor die grond gesleep het.

22Hy laat die diep water kook soos ’n pot, hy laat die water skuim soos ’n pot vol medisyne.

23Wanneer ’n krokodil swem, dan lê daar ’n blink streep agter hom, dit lyk of daar skuim lê op die diep water.

24Ook op die grond kan niemand hom wen nie, hy is vir niks bang nie.

25Hy dink dat al die trotse diere minder belangrik is as hy, hy is hulle koning.”

Job 42

Job sê hy is jammer oor wat hy gesê het

1Job het toe vir die Here gesê:

2“Ek weet dat U alles kan doen, niks wat U besluit, is onmoontlik nie.

3U het vir my gevra of ek dink ek mag sê dat U verkeerd besluit, ék wat so dom is. Nou sê ek: Ek het gepraat oor dinge wat ek nie verstaan het nie, oor wonderlike dinge wat ek nie ken nie.

© Bible Society of South Africa.

4U het gesê ek moet luister, U sal vra, dan moet ek antwoord.

5Ek het gehoor wat mense oor U sê, maar nou het ek U self gesien.

6Daarom is ek skaam oor wat ek gesê het, ek is jammer, ek rol rond op die ashoop."

Die drie vriende moet 'n brand-offer bring

7Nadat die Here met Job gepraat het, het die Here vir Elifas van die land Teman gesê: "Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende. Julle het nie reg gepraat oor My nie, maar my dienaar Job het reg gepraat oor My.

8Julle moet nou sewe bulle en sewe skaap-ramme neem en julle moet na my dienaar Job toe gaan. Julle moet 'n brand-offer bring vir julleself. My dienaar Job sal dan vir julle bid, want Ek sal doen wat hy vra, Ek sal julle nie straf nie. Julle was dwaas, julle het nie reg gepraat oor My nie, my dienaar Job het reg gepraat oor My."

9Elifas van die land Teman en Bildad van die land Suag en Sofar van die land Naäma het toe gegaan en gedoen wat die Here vir hulle gesê het, en die Here het gedoen wat Job gevra het.

Dit gaan weer goed met Job

10Die Here het dit weer goed laat gaan met Job nadat Job vir sy vriende gebid het. Die Here het vir Job twee maal meer gegee as wat hy voorheen gehad het.

11Al Job se broers en susters en die mense wat hom voorheen geken het, het na hom toe gekom, en hulle het saam met hom geëet in sy huis. Hulle het vir hom kom sê dat hulle jammer is oor die slegte dinge wat die Here met hom laat gebeur het. Hulle wou hê dat dit weer goed moet gaan met Job, en elkeen het 'n kesita en 'n goue ring vir hom gegee.

12Die Here het dit toe met Job beter laat gaan as voorheen. Job het 14 000 skape en bokke, 6 000 kamele, 2 000 beeste en 1 000 donkies gekry.

13Hy het ook weer sewe seuns en drie dogters gekry.

14Hy het die oudste dogter Jemima genoem, die tweede dogter Kesia en die derde dogter Keren-Happuk.

15Nie een van die vroue in die land was so mooi soos Job se dogters nie. Hulle pa het vir hulle ook grond gegee, soos vir hulle broers.

Job sterf

16Job het toe nog 140 jaar gelewe. Hy het sy nageslag gesien tot in die vierde geslag.

17Job was 'n ou man toe hy gesterf het.

© Bible Society of South Africa.

Psalm

Psalm 1

Die Here gaan saam op die pad van die mense wat reg doen

1Dit gaan goed met ’n mens wat nie luister na mense wat verkeerd doen nie, wat nie
doen wat sondaars doen nie, en wat nie saam spot wanneer mense sit en spot nie.

2Dit gaan goed met ’n mens wat lief is vir wat die Here sê, ’n mens wat elke dag en
nag dink aan wat die Here sê.

3So ’n mens sal wees soos ’n boom wat langs ’n waterstroom groei, ’n boom wat
vrugte dra op die regte tyd, en wat blare het wat altyd groen is. Dit gaan goed met
alles wat hy doen.

4Maar dit gaan nie so met mense wat verkeerd doen nie. Mense wat verkeerd doen,
is soos kaf, die wind waai hulle weg.

5Daarom sal die mense wat verkeerd doen, die sondaars, nie kan kom by die Here,
die Regter, nie, daar waar mense wat reg doen, bymekaar is.

6Ja, die Here gaan saam op die pad van die mense wat reg doen, maar die pad van
die mense wat verkeerd doen, bring hulle by die dood.

Psalm 2

Die gesalfde van die Here

1Hoekom is die volke opstandig, hoekom raas hulle? Dit sal niks help nie.

2Die konings van die aarde, die mense wat regeer, het bymekaargekom en planne
gemaak teen die Here en teen sy gesalfde.

3Hulle sê: “Ons wil vry word, ons wil hulle nie meer dien nie. Ons wil die toue
stukkend breek waarmee hulle ons vasgemaak het.”

4Maar die Here wat in die hemel woon, lag vir hulle, Hy spot hulle.

5En dan word Hy kwaad, Hy praat en Hy laat hulle skrik.

6Hy sê: “Dit is Ék wat my koning gesalf het op Sion, my gewyde berg.”

7Ek, die koning, sal sê wat die Here gesê het. Die Here het vir my gesê: “Jy is my seun,
Ek is van vandag af jou Vader.

8Jy mag vir My vra om al die volke op die aarde vir jou te gee, en Ek sal hulle vir jou
gee, hulle sal almal aan jou behoort.

9Jy sal hard oor hulle regeer, soos ’n koning met ’n yster-septer. Jy sal met hulle
doen wat jy wil, soos wanneer iemand ’n kleipot stukkend slaan.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Daarom, konings, julle almal wat op die aarde regeer, julle moet verstandig wees en leer.

11Julle moet die Here dien en Hom respekteer, julle moet Hom prys en bang wees vir Hom,

12julle moet buig voor sy seun, die koning. As julle dit nie doen nie, dan sal die Here kwaad word, en julle sal sterf, want Hy word gou kwaad. Dit gaan goed met mense wat vra dat die Here hulle moet beskerm.

Psalm 3

Dit is net die Here wat kan help

1'n Psalm van Dawid, toe hy weggevlug het van sy seun Absalom.

2Here, ek het baie vyande, baie mense is opstandig teen my.

3Baie mense sê God sal my nie red nie. *Sela*

4Maar, Here, U is vir my soos 'n skild, U beskerm my van al die kante. U maak my belangrik, mense respekteer my.

5Wanneer ek die Here roep, dan antwoord Hy my van bo-op sy gewyde berg. *Sela*

6Ek gaan lê en slaap, en ek word weer wakker, want die Here beskerm my.

7Ek is nie bang wanneer tienduisende mense my van al die kante wil aanval nie.

8Ek sê: Here, U moet kom! My God, U moet my weer red! Ek vra dit, want U het my vyande hard geslaan op die kakebeen, U het die mense wat verkeerd doen, se tande gebreek.

9Dit is net die Here wat kan help. U laat dit goed gaan met u volk. *Sela*

Psalm 4

U kan my veilig laat slaap, net U kan dit doen

1Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek. 'n Psalm van Dawid.

2O God, U weet ek is onskuldig, U moet my antwoord en my help wanneer ek roep. U het my gered toe dit sleg gegaan het met my. Nou moet U goed wees vir my en luister na wat ek bid.

3Mense, hoe lank wil julle aanhou om my te verneder? Hoe lank wil julle my vals beskuldig en lieg oor my? ***Sela***

4Julle moet weet, die Here het 'n wonderwerk gedoen vir my wat in Hom glo. Die Here sal nou ook hoor wanneer ek roep en vra dat Hy my moet help.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Julle moenie sonde doen wanneer julle kwaad en ontsteld is nie. Wanneer julle gaan slaap en julle dink oor die dinge wat vir julle kwaad gemaak het, dan moet julle nie daaroor praat nie. ***Sela***

6Julle moet die regte offers bring en julle moet glo dat die Here julle sal help.

7Daar is baie mense wat vra: “Wie sal dit goed laat gaan met ons?” Here, U moet weer goed wees vir ons.

8U het my bly gemaak, blyer as mense wat baie koring en wyn het.

9Here, ek is nie bekommerd wanneer ek gaan lê en aan die slaap raak nie, want U kan my veilig laat slaap, net U kan dit doen.

Psalm 5

U moet my lei en vir my leer wat reg is

1Vir die leier van die koor: Met fluitmusiek. ’n Psalm van Dawid.

2Here, U moet luister na wat ek sê, U moet hoor hoe ek kla en sug.

3My Koning en my God, U moet hoor wanneer ek vra dat U my moet help, want dit is tot U wat ek bid.

4Here, wanneer ek in die oggend bid, dan sal U hoor. Ek kom staan voor U in die oggend en ek wag dat U my moet help,

5want U is ’n God wat nie hou van verkeerde dinge nie. Slegte dinge gebeur nie by U nie.

6Hoogmoedige mense kan nie naby U kom nie, U haat almal wat slegte dinge doen.

7U laat die mense sterf wat leuens vertel, U haat mense wat ander mense vermoor of bedrieg.

8Maar ek mag in u tempel kom, want U is baie genadig. Ek sal by u gewyde tempel laag voor U buig om U te eer.

9Here, ek het vyande. Daarom vra ek dat U my moet lei en vir my moet leer wat reg is, U moet vir my wys hoe ek moet lewe.

10Ek vra dit, want hierdie mense praat nie die waarheid nie. Hulle dink net oor hoe hulle my kan laat sterf, hulle sê verkeerde dinge oor my, hulle wil my in my graf bring. En wanneer hulle mooi dinge sê, dan is hulle vals.

11O God, U moet hulle straf. Die planne wat hulle maak, moet hulle self laat sterf. U moet hulle wegjaag na al die kante toe, want hulle doen baie sonde, hulle is opstandig teen U.

© Bible Society of South Africa.

12Maar U moet die mense bly maak, die mense wat vra dat U hulle moet beskerm, U moet hulle altyd laat juig en U moet hulle beskerm. U moet die mense vrolik laat wees, die mense wat lief is vir u Naam.

13Ja, Here, U seën mense wat reg lewe, U is goed, U beskerm hulle soos ’n skild.

Psalm 6

U moet my red sodat ek nie sterf nie

1Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek, met basstem. ’n Psalm van Dawid.

2Here, U moenie vir my straf wanneer U kwaad is nie.

3Here, U moet jammer wees vir my en my help, want dit gaan sleg met my, U moet my gesond maak, want ek is baie siek.

4Ek is baie bang. Wanneer sal U my help?

5Here, U moet my weer red sodat ek nie sterf nie. Ek behoort aan U, U moet my red.

6Want ’n mens wat dood is, kan nie aan U dink nie. Niemand in die doderyk kan U prys nie.

7Ek is moeg, ek het aangehou kla en sug, ek huil die hele nag, my bed is nat van die trane.

8My vyande laat my swaarkry, my oë is swak van die pyn, ek kan amper nie meer sien nie.

9Julle almal wat slegte dinge doen, julle moet weggaan van my, want die Here het gehoor hoe ek huil.

10Hy het gehoor hoe ek soebat, Hy het gehoor wat ek bid.

11My vyande sal nie wen nie, nie een van hulle nie, hulle sal nie weet wat om te doen nie. My vyande sal vinnig moet weggaan van my, die mense sal hulle verneder.

Psalm 7

U moet my Regter wees

1’n Klaaglied van Dawid. Hy het hierdie lied vir die Here gesing oor iets wat Kus, van die Benjamin-stam, vir hom gesê het.

2My God die Here, ek vra vir Ú om my te beskerm. Mense jaag my en hulle wil my vang, U moet my red en my vrymaak.

3As U dit nie doen nie, dan sal hulle my doodbyt soos ’n leeu ’n dier doodbyt wanneer daar niemand is wat die dier kan red nie.

4My God die Here, my vyande sê ek het verkeerde dinge gedoen,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5hulle sê ek het my vriende verraai en ek het my vyande se goed gevat toe hulle niks verkeerd gedoen het aan my nie.

6As dit waar is dat ek dit gedoen het, dan moet my vyande my vang en my doodtrap en in die stof laat lê. *Sela*

7Here, U moet kwaad word, U moet my vyande aanval wat so kwaad is vir my, U moet my nou help. U het gesê mense moet reg doen aan mekaar.

8U moet al die volke bymekaarbring by U en U moet hoog bo hulle gaan sit op u troon.

9Here, dit is U wat die volke sal oordeel, U moet my Regter wees, U weet ek het reg gedoen en ek is onskuldig.

10U toets 'n mens, U weet wat hy in sy hart voel en wat hy dink, U is die Regverdige God. Asseblief, U moet die mense wat verkeerd doen, laat ophou verkeerd doen, U moet dit goed laat gaan met die mense wat reg doen.

11U is my skild, o God, U beskerm mense wat eerlik is.

12U is 'n regverdige Regter, o God, U is 'n God wat altyd mense straf wat skuldig is.

13Die vyand hou nie op nie, hy maak sy swaard skerp, hy trek sy boog styf, hy wil my skiet.

14Maar sy eie wapens sal hom doodmaak, die pyle wat hy maak, sal sy eie huis aan die brand steek.

15Almal kan sien hy hou aan om verkeerde dinge te doen, hy laat mense swaarkry en hy lieg.

16Maar hy sal self val in die diep gat wat hy vir my gegrawe het.

17Hy wil my laat swaarkry en my seermaak, maar hy sal self swaarkry en seerkry.

18Ek sal die Here prys wat reg sal doen aan my. Ek sal sing oor die Naam van die Here, die Hoogste God.

Psalm 8

'n Mens beteken niks. Hoekom dink U aan mense?

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos die lied oor die parskuip. 'n Psalm van Dawid.

2Here, ons Here, die hele aarde en die lug daarbo wys dat U Koning is en dat U regeer.

3Ook klein kindertjies sing oor u krag. U vyande moet dit weet, mense wat téén U is, moet stilbly.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4U het die lug en die maan en die sterre met u hande gemaak. Wanneer ek daarna kyk, dan dink ek:

5’n Mens beteken niks. Hoekom dink U aan mense? Hoekom onthou U iemand wat net ’n mens is?

6U het die mens amper soos ’n engel gemaak, U het vir hom eer gegee en U het hom belangrik gemaak.

7U laat hom regeer oor alles wat U gemaak het. U het gesê hy is die hoof oor alles:

8oor die skape en bokke en beeste, ja, oor hulle almal, en oor die wilde diere,

9oor die voëls in die lug en oor die visse in die see, oor alles wat in die see swem.

10Here, ons Here, die hele aarde wys dat U Koning is.

Psalm 9

Die Here beskerm ’n mens wat homself nie kan beskerm nie

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos die lied “Die dood van die seun.” ’n Psalm van Dawid.

2Here, ek wil U prys met my hele hart, ek wil vertel van al die wonderlike dinge wat U doen.

3 Hoogste God, ek wil vrolik en bly wees oor U, ek wil sing om u Naam te eer.

4Wanneer my vyande voor U moet kom staan, dan vlug hulle en hulle val en sterf,

5want U het gesê ek is onskuldig, U het reg gedoen aan my. U is ’n regverdige Regter wanneer U op u troon gaan sit.

6U het vir die volke gesê U sal hulle straf, U het die mense wat verkeerd doen, doodgemaak. Niemand onthou nou hulle name nie.

7U het ons vyande oorwin, U het hulle stede verwoes, en waar die stede was, is nou net hope klippe. Niemand onthou nou dat daardie stede daar was nie.

8Die Here regeer vir altyd, Hy is gereed om te oordeel wanneer Hy op sy troon gaan sit.

9Hy sal regverdig wees wanneer Hy die wêreld oordeel, Hy sal reg doen aan almal wanneer Hy die volke oordeel.

10Die Here beskerm ’n mens wat homself nie kan beskerm nie, Hy beskerm die mense met wie dit sleg gaan.

11Die mense wat vir U ken, weet dat U sal doen wat U sê, want U los nie die mense wat naby U wil wees nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Julle moet vir die Here sing en Hom prys, die Here wat op Sionsberg woon, julle moet vir die volke vertel wat die Here gedoen het,

13want Hy onthou die mense wat onskuldig gesterf het en Hy straf die mense wat vir hulle doodgemaak het. Hy hoor wanneer mense Hom roep en vra dat Hy moet help, mense wat hulleself nie kan beskerm nie.

14Here, U moet jammer wees vir my en U moet my help, U moet kyk hoe swaar laat my vyande my kry. Ek is naby die dood, U moet my red.

15Dan sal ek kan vertel van die wonderlike dinge wat U gedoen het, dan kan ek in die poorte van Jerusalem juig omdat U my gered het.

16Die volke het in die gat geval wat hulle self gegrawe het, hulle voete sit vas in die vangnet wat hulle self styfgetrek het.

17Die Here het gewys wie Hy is, Hy het reg ge-oordeel. Hy straf die mense wat verkeerde dinge doen. *Higgajon Sela*

18Die mense wat verkeerd doen, al die volke wat vergeet dat daar ’n God is, sal na die doderyk gaan.

19Ja, die Here sal nie vir altyd die arm mense vergeet nie. Die mense wat hulleself nie kan help nie, kan aanhou hoop dat God hulle sal help.

20Here, U moet nou iets doen, U moet die mense laat besef dat hulle nie sterk is nie, U moet die volke voor U laat kom staan en U moet hulle oordeel.

21Here, U moet hulle laat skrik, die volke moet besef dat hulle mense is, mense wat sal sterf. *Sela*

Psalm 10

Die Here doen reg aan die mense wat swaarkry

1Here, hoekom is U so ver weg van my? Hoekom is U nie hier wanneer dit sleg gaan nie?

2Die mens wat verkeerd doen, jaag die mens wat homself nie kan help nie en wil hom vang. U moet die mens wat verkeerd doen, laat vang, die planne wat hy self gemaak het, moet hom vang.

3Want die mens wat verkeerd doen, dink hy kan alles kry wat hy wil hê, hy wil ryk word van ander mense se goed. Hy praat sleg oor die Here en hy sê die Here is nie belangrik nie.

4Die mens wat verkeerd doen, is hoogmoedig, hy vra nie wat die Here wil hê nie. Hy maak planne, maar hy dink nie aan God nie.

© Bible Society of South Africa.

5Dit gaan altyd goed met hom, hy dink U is te ver om hom te oordeel, hy dink die mense wat teen hom is, beteken niks.

6Hy dink hy sal nie val nie, hy dink dit sal nooit sleg gaan met hom nie.

7Hy hou aan om mense te vervloek en te bedrieg en te verdruk. Hy maak altyd planne om mense te laat swaarkry, mense wat niks verkeerd gedoen het nie.

8Hy lê buite die stede en hy wag vir onskuldige mense, hy vermoor hulle waar niemand dit sien nie. Hy kyk waar hy iemand kan kry wat swak is,

9hy kruip weg soos ’n leeu en hy wag om iemand te vang wat homself nie kan beskerm nie, hy vang hom soos ’n mens ’n voël in ’n vangnet vang.

10Hy slaan mense wat hulleself nie kan help nie, hulle val op die grond, want hy is te sterk vir hulle.

11Hy dink God het daardie mense vergeet, hy dink God kyk weg en sien nooit wat gebeur nie.

12Here, U moet nou iets doen, o God, U moet u hand uitsteek en help, U moenie die mense vergeet wat hulleself nie kan beskerm nie.

13Hoekom dink die mens wat verkeerd doen dat God nie belangrik is nie? Hoekom dink hy God sal hom nie straf nie?

14U sien hoe mense swaarkry en seerkry, U sien dit en U sal iets doen. Die mens wat homself nie kan help nie, die weeskind, glo dat U hom sal help, en U sál dit doen.

15U moet die mens swak maak wat verkeerd doen, U moet die krag van die slegte mens breek. U moet hom straf oor alles wat hy verkeerd doen, hy moet nooit weer verkeerd doen nie.

16Die Here is Koning vir altyd, die ander volke is weg uit sy land.

17Here, U het gehoor wat die mense wil hê, die mense wat hulleself nie kan beskerm nie. U laat hulle weer sterk word, U luister na hulle.

18U doen reg aan die weeskind en die mens wat swaarkry. Niemand op die aarde sal weer slegte dinge doen aan ander mense nie.

Psalm 11

Ek weet die Here sal my beskerm

1Vir die leier van die koor: Van Dawid. Ek weet, die Here sal my beskerm. Hoekom sê julle ek moet na die berge vlug soos ’n voël?

2Julle sê: “Jy moet vlug, want kyk, die mense wat verkeerd doen, trek hulle boog se snare styf, hulle sit hulle pyle op die snare van die boog, hulle staan in die donker en hulle wil die eerlike mense skiet.”

© Bible Society of South Africa.

3Julle vra: “Wat kan ’n mens doen wat reg wil lewe? Daar is niks meer wat vas staan nie.”

4Maar ek sê: Die Here is in sy gewyde tempel, Hy is in die hemel waar sy troon staan, en Hy sien die mense, Hy kyk wat hulle doen.

5Hy kyk wat die mense doen, die mense wat reg lewe én die mense wat verkeerd doen, en Hy haat mense wat wreed is teen ander mense.

6Hy laat vuur en swael uit die lug val soos reën, dit val op die mense wat verkeerd doen, die warm woestynwind sal hulle brand, hulle sal die beker van swaarkry moet drink.

7Die Here sal doen wat reg is, Hy wil hê mense moet reg doen. Eerlike mense mag naby Hom wees.

Psalm 12

Dit is U wat by ons wagstaan

1Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek. ’n Psalm van Dawid.

2Here, U moet help, want daar is niemand wat in U glo nie, daar het niemand oorgebly wat doen wat hy belowe het nie.

3Mense is vals met mekaar, hulle vertel mooi stories, maar dit is nie waar nie, hulle sê mooi dinge, maar hulle is vals.

4Here, U moet die mense stilmaak wat daardie stories vertel, die mense wat spog.

5Hulle dink hulle sal wen met die dinge wat hulle sê, hulle dink niemand sal hulle keer nie.

6Die Here sê: Ek sien die slegte dinge wat mense doen met die mense wat hulleself nie kan beskerm nie, ek hoor hoe kla en sug die mense wat niks het nie. Hulle het gevra dat Ek hulle moet help, en Ek sal nou kom.

7Wanneer die Here praat, dan kan jy Hom glo. Sy woorde is nie vals nie, dit is so skoon en suiwer soos silwer wat sewe maal gesmelt is in ’n vuur-oond.

8Dit is U, Here, wat by ons wagstaan. U sal ons altyd beskerm teen hierdie mense.

9Rondom ons loop die mense wat verkeerd doen, en almal sê die dinge wat sleg is, is goed.

Psalm 13

U moet vir my nuwe lewe gee

1Vir die leier van die koor: ’n Psalm van Dawid.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Here, hoe lank sal U my nog vergeet, hoe lank sal U nog aanhou om u gesig weg te draai van my?

3Hoe lank moet ek nog self planne probeer maak, hoe lank moet ek elke dag huil en treur, hoe lank sal my vyande nog dink dat hulle sterker is as ek?

4Here my God, U moet luister en my antwoord, U moet vir my nuwe lewe gee, sodat ek nie sterf nie,

5sodat my vyande nie kan sê dat hulle gewen het teen my nie, sodat hulle nie sal juig omdat ek geval het nie.

6En ek? Ek glo dat U sal doen wat U belowe het. Ek sal juig, want U sal my red, ek sal vir die Here sing omdat Hy goed gedoen het aan my.

Psalm 14

God is by die mense wat reg doen

(Ook Psalm 53)

1Vir die leier van die koor: Van Dawid. Dit is dwase mense wat dink daar is nie ’n God nie. Hulle is slegte mense, hulle is wreed, nie een van hulle doen goed nie.

2Die Here kyk uit die hemel na die mense om te sien of daar iemand is wat verstandig is, iemand wat vra wat God wil hê.

3Hulle het almal besluit om verkeerd te lewe, hulle het sleg geword, niemand doen goed nie, nie een nie.

4Besef julle wat sal gebeur met julle wat slegte dinge doen? Julle wat my mense op-eet soos mense brood eet, julle wat nie tot die Here bid nie, besef julle wat sal gebeur?

5Julle moet besef dat julle groot sal skrik, want God is by die mense wat reg doen.

6Julle laat die planne misluk van die mense wat hulleself nie kan beskerm nie, maar die Here beskerm hulle.

7Ek bid dat daar uit Sion iemand sal kom wat vir Israel sal red. Wanneer die Here dit beter laat gaan met sy volk, dan sal die nageslag van Jakob juig, dan sal Israel feesvier.

Psalm 15

Wie mag woon op u gewyde berg?

1’n Psalm van Dawid. Here, wie mag bly in u tempel, wie mag woon op u gewyde berg?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Net die mens wat heeltemal reg lewe en reg doen en wat die waarheid praat, mag daar kom,

3die mens wat nie sleg praat van ander mense nie, die mens wat nie slegte dinge doen aan ander mense nie en wat hulle nie beledig nie,

4die mens wat niks wil doen saam met mense vir wie die Here gelos het nie, maar wat die mense respekteer wat die Here dien, die mens wat doen wat hy belowe het, ook wanneer dit nie goed is vir homself nie,

5die mens wat vir ander mense geld leen maar wat hulle nie rente laat betaal nie, die mens wat nie geld neem om te sê onskuldige mense is skuldig nie. Die mens wat hierdie dinge doen, sal altyd vas staan.

Psalm 16

U leer vir my hoe om te lewe

1'n Lied van Dawid. My God, U moet my beskerm, ek wil veilig wees by U.

2Here, ek het vir U gesê ek behoort aan U, al die goeie dinge wat ek het, kom van U.

3Daar is afgode in hierdie land, en daar is mense wat van hulle hou en wat dink dat die afgode heilig en sterk is.

4Dit sal baie sleg gaan met mense wat in daardie afgode glo. Ek sal nie drank-offers van bloed vir hulle gee nie, ek sal nooit hulle name sê nie.

5Here, ek het net vir U, dit is net U wat my kan laat lewe, dit is Ú wat besluit wat met my sal gebeur.

6U laat my woon op 'n plek wat baie mooi is, ek is lief vir die plek wat U vir my gegee het.

7Ek prys die Here, Hy sê vir my wat ek moet doen, ook in die nag dink ek aan wat U vir my leer.

8Ek weet die Here is altyd naby my. Ek val nie, want Hy is by my.

9Daarom, ek is bly, ek juig, ek is altyd veilig,

10want U sal my nie los nie, ek sal nie sterf nie. Ek glo in U, en U sal my nie in die graf laat kom nie.

11U leer vir my hoe om te lewe, U leer vir my dat 'n mens wat naby U is, 'n dankbare mens is, U leer vir my dat dit altyd lekker is by U.

Psalm 17

Ek weet U sal my antwoord

© Bible Society of South Africa.

1’n Gebed van Dawid. Here, U moet luister, ek is onskuldig. U moet luister wanneer
ek vra dat U my moet help, U moet luister wanneer ek bid. Ek het niemand bedrieg
nie.

2U moet sê dat ek reg gelewe het, U weet wanneer mense eerlik is.

3Wanneer U in die nag by my kom en kyk wat ek gedoen het, wanneer U my toets,
dan sal U weet ek maak nie slegte planne nie. Wanneer ek praat, dan praat ek nie
verkeerde dinge

4soos ander mense nie, ek doen wat U wil hê. Daarom het ek nie geword soos die
mense wat altyd wil slaan en vat nie.

5Ek het altyd geloop waar U my gelei het, en my voet het nooit gegly nie.

6My God, ek bid tot U, want ek weet U sal my antwoord. U moet luister en hoor wat
ek sê.

7U moet ’n wonderwerk doen en doen wat U belowe het, U wat die Redder is, U red
mense wat vra dat U hulle by U moet beskerm teen hulle vyande.

8U moet my oppas soos U iets sal oppas wat kosbaar is vir U, U moet my wegsteek
soos ’n voël sy kleintjies wegsteek onder sy vlerke.

9U moet my wegsteek vir die mense wat verkeerd doen, die mense wat wil hê ek
moet weg wees, my vyande wat my van al die kante aanval en wat my wil
doodmaak.

10Hulle is nie genadig nie, hulle praat en spog baie,

11hulle kom nou van al die kante, hulle kyk hoe hulle my kan laat val.

12Hulle is soos leeus wat lê en wag en gereed is om my dood te byt.

13Here, U moet kom, U moet my vyande keer, U moet hulle op die grond gooi, U
moet my red van die mense wat verkeerd doen.

14Here, U self moet my red van hierdie mense, hierdie mense wat alles het in hierdie
lewe en wat hulle vol eet van die dinge wat U gee, mense wie se kinders genoeg het,
en vir hulle kleinkinders bly daar ook nog kos oor.

15Ekself het reg gedoen, daarom sal ek vir U sien. Wanneer ek wakker word en ek
sien U is by my, dan wil ek niks meer hê nie.

Psalm 18

U maak my vry

(Ook 2 Sam 22:1-51)

© Bible Society of South Africa.

[1]Vir die leier van die koor: Van Dawid, die dienaar van die Here. Hy het hierdie lied vir die Here gesing op die dag toe die Here hom gered het van sy vyande en van Saul.

[2]Dawid het gesing: Here, ek is baie lief vir U, U maak my sterk.

[3]Here, U is my Rots, my veilige plek in die berge, U maak my vry. My God, U is my rots, ek voel veilig by U, U is vir my soos ’n skild, U is sterk en U red my, U is vir my ’n veilige plek.

[4]Here, ek wil U prys, want U het my gered van my vyande.

[5]Die dood wou my vasbind met toue, waterstrome het oor my gespoel en wou my doodmaak.

[6]Toue van die doderyk het my vasgebind, vangstrikke van die dood het my vasgevang.

[7]Wanneer dit sleg gaan, dan skree ek: Here! Ek roep na my God, ek vra dat Hy my moet help. Hy hoor my stem in sy paleis, Hy hoor wanneer ek na Hom roep en vra Hy moet my help.

[8]Die aarde het geskud en gebewe, die fondamente van die berge het gebewe en geskud, want die Here was kwaad.

[9]Rook het uit sy neus gekom, vuur het uit sy mond gebrand, kole vuur het uit Hom gekom.

[10]Hy het die hemel oopgeskuif en Hy het afgekom, daar was donker wolke onder sy voete.

[11]Hy het op ’n gerub geklim en Hy het gevlieg, Hy het verskyn op die vlerke van die wind.

[12]Dit was donker rondom Hom, donker water en dik wolke het Hom toegemaak.

[13]Dit het geblink voor Hom, wolke het verbygegaan, en daar was hael en kole vuur.

[14]Die Here het die donderweer laat raas in die lug, die Hoogste God het hard gepraat, en daar was hael en kole vuur.

[15]Die baie weerligstrale was sy pyle, Hy het sy vyande na al die kante toe gejaag en Hy het hulle laat vlug.

[16]Wanneer die Here met sy vyande raas, wanneer die asem uit sy neus ’n stormwind word, dan word die see leeg, en die fondamente van die wêreld lê oop.

[17]Die Here steek sy hand uit die hemel en Hy gryp my, Hy tel my op uit die baie water.

[18]Hy red my van my sterk vyande, van die mense wat my haat, want hulle is te sterk vir my.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Hulle val my aan wanneer ek swaarkry, maar die Here hou my regop.

20Hy bring my na ’n plek waar ek vry is, Hy red my, want Hy is lief vir my.

21Ek is onskuldig, en die Here gee vir my wat ek moet kry, ek het niks verkeerd gedoen nie, en die Here beloon my.

22Ja, ek het gedoen wat die Here wil hê. Wanneer my God my oordeel, dan is ek nie skuldig nie.

23Ek het onthou wat Hy gesê het ek moet doen en ek het gedoen wat Hy beveel het.

24Ek het alles gedoen wat Hy gesê het, ek het aangehou om reg te doen.

25Ek is onskuldig, my God het gesien ek doen niks verkeerd nie, en Hy het my beloon.

26U doen wat U belowe het vir die mense wat doen wat húlle belowe, U is altyd goed vir die mense wat net goed doen.

27Wanneer mense rein is en by U mag wees, dan is U by hulle. Wanneer mense vals is, dan is U te slim vir hulle.

28Ja, dit is U wat mense red wat hulleself nie kan beskerm nie, dit is U wat mense verneder wat dink hulle is belangrik.

29Ja, Here, dit is U wat vir my lig gee, dit is U, my God, wat lig maak wanneer dit donker is om my.

30Ja, wanneer U by my is, dan kan ek ’n klomp mense aanval, wanneer my God by my is, dan kan ek oor ’n hoë muur spring.

31Wat God doen, is alles reg, wat die Here sê, is altyd waar. Hy is soos ’n skild vir almal wat na Hom toe vlug.

32Die Here is die enigste God, net ons God is ’n rots.

33Hy is die God wat my sterk maak vir die oorlog, Hy laat my veilig lewe.

34Hy laat my so vas staan soos ’n ribbok, Hy laat my veilig staan op hoë plekke.

35Hy leer vir my om oorlog te maak, Hy maak my arms sterk sodat ek die snaar van ’n brons-boog styf kan trek.

36Die skild wat U vir my gee, red my lewe, U help my om regop te bly staan, U help my, en dit gaan goed met my.

37U laat my vinnig hardloop, my voete gly nie.

38Ek volg en jaag my vyande, ek kom tot by hulle, ek draai nie om voordat hulle almal dood is nie.

39Ek slaan hulle, en hulle val, hulle kan nie weer opstaan nie, hulle lê voor my voete.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

40U maak my sterk om oorlog te maak, U laat my vyande op hulle knieë staan voor my.

41U laat hulle vlug, weg van my, en ek kan die mense wat my haat, vir altyd stilmaak.

42Hulle skree en vra dat iemand hulle moet help, maar niemand red hulle nie, hulle roep na die Here, maar Hy antwoord hulle nie.

43Ek slaan hulle fyn soos stof wat wegwaai in die wind, ek trap op hulle soos ek trap op die modder in die paaie.

44U red my van my eie mense wat opstandig is teen my, U maak my die hoof van volke en U beskerm my. Mense wat ek nie geken het nie, doen nou wat ek sê.

45Wanneer hulle hoor van my, dan luister hulle dadelik. Mense uit ander lande kom kruip voor my.

46Hulle skrik en hulle kom uit hulle stede, die stede wat sterk mure het.

47Die Here lewe! Ek wil my Rots prys. Ek sê die God wat my red, is belangriker as alles.

48Hy is die God wat my help om mense te straf oor die dinge wat hulle aan my gedoen het. Hy laat volke voor my buig,

49Hy red my van my vyande, Hy laat my staan hoog bo die mense wat teen my is, Hy red my wanneer wrede mense my wil seermaak.

50Daarom, Here, ek sal U prys sodat die volke dit kan hoor, ek sal sing oor u Naam.

51Die Here laat die koning wat aan Hom behoort, altyd wen teen sy vyande, Hy doen wat Hy vir sy gesalfde belowe het, vir Dawid en sy nageslag, vir altyd.

Psalm 19

Wat die Here wil hê, is beter as alles

1Vir die leier van die koor: ’n Psalm van Dawid.

2Die hemel sê God is koning, die hemeldak vertel wat Hy gedoen het.

3Die een dag sê dit vir die volgende dag, die een nag sê vir die volgende nag wat gebeur het.

4Niemand hoor dat die hemel praat nie, hy praat nie ’n taal en woorde nie.

5Maar oral weet die mense wat die hemel sê, mense van die hele wêreld verstaan hierdie taal. God het vir die son ’n plek gegee in die lug,

6en wanneer die son opkom en soos ’n soldaat vrolik op sy pad begin loop, dan is hy soos ’n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.

© Bible Society of South Africa.

7Die son kom ver in die ooste op en gaan ver in die weste onder, en niemand kan wegkruip vir hom nie, hy laat almal warm kry.

8Wat die Here wil hê ’n mens moet doen, is beter as alles, dit laat ’n mens lewe. Wat die Here sê, kan ’n mens glo, dit gee wysheid vir jongmense.

9Wat die Here beveel, is reg, dit maak ’n mens bly. Wat die Here sê ’n mens moet doen, is regverdig, dit laat ’n mens weet hoe hy moet lewe.

10Die gebooie van die Here is reg, dit sal altyd waar wees. Wat die Here besluit, is soos dit moet wees, dit is altyd regverdig.

11Alles wat die Here sê, is beter as goud, beter as baie goud, dit is soeter as heuning, soeter as vars heuning.

12En ook, dit leer vir my wat ek moet weet, en wanneer ek doen wat die Here sê, dan gee Hy vir my baie goeie dinge.

13Niemand weet self wat hy alles verkeerd doen nie. Here, U moet my vergewe wanneer ek verkeerde dinge doen en nie weet dat dit verkeerd is nie.

14En U moet ook keer dat ek nie sonde doen wanneer ek weet dit is verkeerd nie, U moenie dat die sondes oor my regeer nie. Dan sal ek nie skuldig wees nie en nie teen U opstandig wees nie.

15Here, U is my Rots wat my vrymaak, Ek bid dat U tevrede sal wees met wat ek sê en wat ek dink.

Psalm 20

Here, U moet die koning laat wen teen sy vyande

1Vir die leier van die koor: ’n Psalm van Dawid.

2Ons bid dat die Here jou sal antwoord op die dag wanneer dit gevaarlik is, ons bid dat die Naam van die God van Jakob jou sal beskerm.

3Ons bid dat Hy uit die tempel sal kom om jou te help, dat Hy van Sionsberg sal kom en jou sal help.

4Ons bid dat Hy al jou offers sal onthou, dat Hy sal hou van jou brand-offers. ***Sela***

5Ons bid dat Hy vir jou sal gee wat jy wil hê, en dat Hy jou planne sal laat slaag.

6Dan sal ons juig omdat jy jou oorloë wen en ons sal vlae swaai en die Here prys. Ons bid dat die Here vir jou alles sal gee wat jy vra.

7Nou weet ek dat die Here sy gesalfde help, die Here antwoord hom uit sy heilige hemel, Hy gee vir hom die krag om sy oorloë te wen.

© Bible Society of South Africa.

8Party mense dink oorlogkarre help hulle om te wen, ander mense dink perde help hulle om te wen, maar ons weet dit is ons God die Here wat vir ons help.

9Daardie mense het geval, maar ons het regop bly staan.

10Here, U moet die koning laat wen teen sy vyande. Ons bid dat die Here ons sal antwoord wanneer ons tot Hom bid.

Psalm 21

U het vir die koning gegee wat hy wou hê

1Vir die leier van die koor: ’n Psalm van Dawid.

2Here, die koning is bly omdat U hom sterk gemaak het, hy juig omdat U hom laat wen het in die oorlog.

3U het vir hom gegee wat hy wou hê, U het nie vir hom nee gesê nie. *Sela*

4Ja, U het hom geseën met goeie dinge, U het ’n kroon van goud op sy kop gesit.

5Hy het lewe gevra, en U het dit vir hom gegee, U het vir hom ’n baie lang lewe gegee.

6U het hom laat wen in die oorlog, daarom respekteer mense hom, U het hom ’n belangrike koning laat word.

7Ja, U laat dit altyd goed gaan met hom, U is by hom, en daaroor is hy bly.

8Die koning weet dat die Here doen wat Hy sê, die koning is veilig, want die Hoogste God doen wat Hy belowe het.

9Koning, jy sal jou vyande vang, jy sal die mense vang wat jou haat.

10Wanneer jy by hulle kom, dan sal jy hulle doodmaak, dit sal wees soos wanneer iets in ’n vuur brand. Die Here is kwaad, dit is soos ’n vuur wat brand, Hy sal hulle laat sterf.

11Jy sal hulle en hulle kinders laat verdwyn van die aarde, hulle sal nie ’n nageslag hê nie.

12Wanneer hulle jou wil aanval en planne maak teen jou, dan sal hulle planne nie slaag nie,

13want jy sal met jou pyl en boog na hulle skiet, en hulle sal moet vlug.

14Here, U moet almal laat sien dat U sterk is, ons sal sing en ons sal U prys omdat U sterk is.

Psalm 22

U het gedoen wat ek gevra het

© Bible Society of South Africa.

[1]Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Die takbok vroeg in die môre.” ’n Psalm van Dawid.

[2]My God, my God, hoekom het U my gelos? Ek roep en vra dat U my moet help, ek kla en sug, maar U bly ver weg van my.

[3]My God, ek roep elke dag en nag, maar U antwoord nie, ek kan nie rus nie.

[4]U is die heilige God, die Israeliete prys U.

[5]Ons voorvaders het in Ú geglo, net in U, hulle het geglo en U het hulle gered.

[6]Hulle het tot Ú geroep, net tot U, hulle het gevra dat U hulle moet help, en hulle het vry weggekom. Hulle het in Ú geglo, net in U, en U het hulle nie teleurgestel nie.

[7]Maar ek, ek is ’n wurm, nie ’n mens nie. Mense spot my, niemand dink ek is belangrik nie.

[8]Almal wat my sien, lag vir my, hulle steek hulle tong uit vir my.

[9]Hulle sê: “Hy het gesê die Here moet hom help, nou moet die Here hom vrymaak. As die Here van hom hou, dan moet die Here hom red.”

[10]Ja, Here, dit is Ú wat by my was toe ek gebore is, U het my veilig laat rus teen my ma se bors.

[11]U het vir my gesorg vandat ek gebore is, U is my God vandat ek klein was.

[12]U moenie ver van my wees nie, want dit gaan sleg met my, en daar is niemand wat my help nie.

[13]Daar is baie vyande rondom my, hulle staan om my soos bulle uit die land Basan,

[14]hulle is soos leeus wat hulle bekke groot oopmaak om te brul en om my dood te byt.

[15]Dit voel of ek soos water uitgegooi is, my bene lê oral rond, my hart is soos byewas wat binne-in my smelt.

[16]Dit voel of ek niks meer kan doen nie, ek is soos ’n droë, stukkende kleipot, ek is so dors dat my tong vassit bo-in my mond. Dit voel of ek dood is en of U my op die grond laat lê het.

[17]Ja, ’n klomp slegte mense staan soos honde om my, hulle bind my hande en my voete vas.

[18]Ek is so maer dat ek al die bene in my liggaam kan sien. My vyande staan en kyk na my,

[19]hulle trek lootjies om te sien wie my klere moet kry.

© Bible Society of South Africa.

20Maar U, Here, U moenie ver van my wees nie. Net U kan my sterk maak, U moet my gou kom help.

21U moet my lewe kom red van my vyande se swaarde, U moet my red van hierdie honde.

22U moet my red uit die bekke van hierdie leeus, uit die horings van hierdie oer-osse. U het gedoen wat ek gevra het.

23Ek sal vir die ander mense van my volk vertel wat U gedoen het, ek sal U prys daar waar hulle bymekaar is.

24Julle moet die Here prys, julle almal wat Hom dien, die nageslag van Jakob moet Hom eer, die hele nageslag van Israel moet bang wees vir Hom en moet Hom dien.

25Wanneer ’n mens swaarkry, ’n mens wat homself nie kan red nie, dan het die Here nie gemaak of dit nie belangrik is nie. Hy het nie sy gesig weggedraai van so ’n mens nie, Hy het gehoor toe ek geroep het en gevra het dat Hy my moet help.

26Here, U laat my ’n lied sing om U te prys daar waar die groot gemeente bymekaar is. Ek sal doen wat ek belowe het, die mense wat Hom dien, sal dit sien.

27Die mense wat hulleself nie kan help nie, sal genoeg kos kry om te eet. Julle wat vra wat die Here wil hê, julle sal Hom prys. Ek bid dat dit altyd goed sal gaan met julle.

28Al die mense sal onthou dat die Here daar is, hulle sal van oral op die aarde na Hom toe kom, al die volke sal voor Hom kom buig.

29Ja, dit is die Here wat Koning is, Hy regeer oor die volke.

30Al die mense sal voor Hom buig en hulle sal Hom dien, die mense wat meer as genoeg kos het om te eet, en die mense wat self te min kos het om te lewe, almal wat na die doderyk moet gaan.

31Die mense wat later sal lewe, sal Hom dien, die geslagte wat later sal lewe, sal van die Here hoor.

32Mense wat nou nog nie gebore is nie, sal hoor dat die Here ’n God is wat reg doen.

Psalm 23

Die Here sorg vir my

1’n Psalm van Dawid. Die Here is my Herder, Hy sorg vir my, ek het genoeg van alles.

2’n Herder bring sy skape na goeie weiveld, hulle eet genoeg en hulle gaan lê. Hy bring hulle na die water, en daar gaan hulle lê en rus.

3So gee die Here ook vir my nuwe krag, Hy leer vir my om reg te lewe, want ek behoort aan Hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Ook wanneer ek deur ’n diep en donker vallei moet loop, dan sal ek nie bang wees nie, want U, Here, is by my. U beskerm my soos ’n herder sy skape beskerm met sy stok en met sy kierie.

5U nooi my om by u tafel te sit, maar my vyande moet staan en kyk. U laat my baie belangrik voel, U laat my alles geniet.

6U is goed vir my, en U doen wat U belowe het, U doen dit oral waar ek gaan, so lank soos ek lewe. Here, ek sal altyd weer terugkom na u tempel, ek sal dit my hele lewe lank doen.

Psalm 24

Wie mag opklim teen die berg van die Here

1’n Psalm van Dawid. Die aarde en alles op die aarde, die wêreld en al die mense in die wêreld, almal behoort aan die Here,

2want Hy het die aarde bo-op die water gesit, Hy het die aarde vas laat staan bo-op die diep water.

3Wie mag opklim teen die berg van die Here? Wie mag gaan staan in sy gewyde plek?

4Dit is die mens wat nie verkeerde dinge doen of dink nie, die mens wat nie afgode dien nie en wat nie vals is wanneer hy dinge belowe nie.

5Die Here sal dit goed laat gaan met so ’n mens, God, sy Redder, sal sê so ’n mens is nie skuldig nie.

6So sal dit gaan met die mense wat vra wat die Here wil hê, die mense wat naby Hom wil wees, die nageslag van Jakob.

7 Poorte, julle moet wyd oopgaan, deure wat baie oud is, julle moet wyd oopgaan, want die Koning van die konings wil ingaan.

8Wie is hierdie Koning van die konings? Dit is die Here wat sterk is en wat oorwin, die Here wat oorwin in oorlog.

9Poorte, julle moet wyd oopgaan, deure wat baie oud is, julle moet wyd oopgaan, want die Koning van die konings wil ingaan.

10Wie is hierdie Koning van die konings? Die Here wat oor alles regeer, Hy is die Koning van die konings. ***Sela***

Psalm 25

Mense wat in die Here glo, sal nie verloor nie

1Van Dawid. Here, ek bid tot U, net tot U.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[2]My God, ek glo dat U sal doen wat U belowe het. U moenie dat ek verloor teen my vyande nie, U moenie dat hulle juig omdat dit sleg gaan met my nie.

[3]En ook, ek bid dat mense wat in U glo, nie sal verloor nie. Die mense wat nie doen wat U wil hê hulle moet doen nie, U moet húlle laat verloor.

[4]Here, U moet vir my sê wat U wil hê ek moet doen, U moet vir my leer hoe ek moet lewe.

[5]Leer my om reg te lewe, soos U wil hê, want U is die God wat my red, ek glo altyd dat dit net U is wat my kan help.

[6]Here, U moet onthou hoe U altyd jammer was vir my, hoe U altyd gedoen het wat U belowe het.

[7]Here, U moenie dink aan die sondes wat ek gedoen het toe ek jonk was nie, U moenie daaraan dink dat ek opstandig was teen U nie. U moet aan my dink omdat U altyd doen wat U belowe het, omdat U goed is.

[8]Die Here is goed en Hy doen altyd reg. Dit is hoekom Hy vir sondaars leer hoe hulle moet lewe.

[9]Hy laat dit reg gaan met mense wat hulleself nie kan help nie wanneer ander mense hulle oordeel. Hy leer vir die mense wat hulleself nie kan help nie, Hy leer vir hulle hoe hulle moet lewe.

[10]Die Here doen altyd wat hy belowe het vir die mense wat gehoorsaam is aan sy verbond en sy wette.

[11]Here, vergewe my sondes, dit is baie, doen dit, want ek behoort aan U.

[12]Wanneer iemand die Here wil dien, dan sal die Here vir hom leer hoe hy moet lewe.

[13]Dit sal altyd goed gaan met so iemand, en die land sal aan sy nageslag behoort.

[14]Die Here vertel vir die mense wat Hom dien, alles wat Hy besluit, Hy sê vir hulle wat sy verbond beteken.

[15]Ek wag elke dag dat die Here my moet help, want dit is Hy wat my voete losmaak uit die vangnet waarin mense my wil vang.

[16]Kyk na my, Here, U moet genadig wees vir my, ek is alleen en ek kan myself nie red nie.

[17]Ek is baie bekommerd, red my van alles wat my laat swaarkry.

[18]Kyk hoe sleg gaan dit met my en hoe swaar kry ek, vergewe al my sondes.

[19]Kyk hoe baie vyande het ek, kyk hoe baie haat hulle my.

© Bible Society of South Africa.

20Beskerm my en red my, moenie dat ek verloor nie, want ek vra dat U my moet beskerm.

21Ek bid dat U my moet help om ’n goeie en ’n eerlike mens te bly, ja, ek glo dat U my sal help.

22O God, U moet die volk Israel vrymaak van alles wat hulle laat swaarkry.

Psalm 26

Ek wil aanhou om eerlik te lewe

1Van Dawid. Here, U moet my oordeel en U moet sê dat ek nie verkeerd gedoen het nie, want ek het eerlik gelewe en ek het net in U geglo, ek het nooit opgehou glo nie.

2U moet my toets, Here, U moet goed kyk wat ek dink en wat ek voel,

3want ek onthou altyd dat U doen wat U belowe het, ek weet net U is God.

4Ek is nie een van die mense wat vals is nie, ek wil niks doen saam met skynheilige mense nie.

5Wanneer slegte mense bymekaarkom, dan is ek nie by hulle nie, ek sit nie saam met die mense wat verkeerd doen nie.

6Here, ek was my hande om te wys dat ek onskuldig is en ek loop om die altaar,

7ek sing en ek sê vir U dankie, ek praat oor die wonderlike dinge wat U doen.

8Here, ek is lief vir u tempel, die plek waar U, die Koning, woon.

9U moenie my wegvee saam met sondaars nie, U moenie my laat sterf saam met moordenaars nie.

10Hulle is altyd gereed om slegte dinge te doen, hulle vat geld van skuldige mense en dan sê hulle dat daardie mense nie skuldig is nie.

11En ek? Ek wil aanhou om eerlik te lewe, U moet my vrymaak en U moet genadig wees vir my.

12Wanneer ek weer veilig is, dan sal ek die Here prys waar die gemeente bymekaar is.

Psalm 27

Die Here beskerm my lewe

1Van Dawid. Die Here laat my lewe, Hy help my, daarom is ek vir niemand bang nie. Die Here beskerm my lewe, daarom skrik ek vir niemand nie.

2Wanneer slegte mense kom om my aan te val, wanneer my vyande my wil doodmaak, dan is dit my vyande wat gly en val.

© Bible Society of South Africa.

3Wanneer soldate my van al die kante aanval, dan sal ek nie bang word nie. Wanneer vyande oorlog begin maak teen my, dan sal ek nog glo dat die Here my sal help.

4Een ding het ek vir die Here gevra en dit wil ek altyd hê: Ek wil my hele lewe lank in sy tempel wees om te sien dat Hy goed is vir my en om vir Hom te mag vra wat Hy wil hê ek moet doen.

5Want Hy sal my beskerm wanneer daar gevaar kom, Hy sal my veilig in sy tempel laat bly soos wanneer ’n mens hoog op ’n rots staan.

6Daarom, ek sal wen teen my vyande rondom my, en ek sal juig en offers bring in sy tempel, ek sal sing en musiek maak vir die Here.

7Here, U moet luister wanneer ek tot U bid, U moet genadig wees en U moet my antwoord.

8Ek onthou dat U gesê het ons moet U kom dien, en ek het gekom om U te dien.

9U moenie keer wanneer ek U wil dien nie, U moenie vir my wegstuur nie. U het my altyd gehelp, moenie my nou los nie, moenie weggaan van my nie, want U is die God wat my red.

10My pa en my ma sal my miskien los, maar die Here sal my by Hom hou.

11Here, leer vir my hoe U wil hê ek moet lewe, lei my op ’n veilige pad, want ek het baie vyande.

12My vyande vertel leuens oor my, hulle wil hê ek moet sterf. U moenie dat hulle met my doen wat hulle so graag met my wil doen nie.

13Hulle wil dit doen, maar ek glo dat ek in hierdie lewe nog sal sien dat die Here goed is.

14Jy moet glo dat die Here jou sal help, jy moet sterk wees, jy moet dapper wees, jy moet glo dat die Here jou sal help.

Psalm 28

Ek is seker dat die Here my sal help

1Van Dawid. Here, ek bid tot Ú, net tot U. U is my Rots, U moenie stilbly nie. As U my nie antwoord nie, dan sal ek sterf.

2U moet luister wanneer ek roep en soebat dat U my moet help, wanneer ek my hande uitsteek na u gewyde binnekamer.

3U moenie vir my wegvat saam met die mense wat verkeerd doen nie, saam met die slegte mense nie. Hulle sê vir die mense naby hulle dat hulle bid dat dit goed sal gaan met hulle, maar in hulle harte bid hulle dat dit sleg sal gaan.

© Bible Society of South Africa.

4U moet hulle straf oor wat hulle doen, oor die slegte dinge wat hulle doen. U moet vir hulle gee wat hulle moet kry, U moet hulle straf oor wat hulle gedoen het.

5Want hulle dink nie aan die dinge wat die Here doen nie, aan die dinge wat Hy gemaak het nie. Hy sal hulle laat sterf, Hy sal hulle nie laat lewe nie.

6Ek prys die Here, Hy het gehoor toe ek gebid het en gevra het dat Hy my moet help.

7Dit is die Here wat my sterk maak en wat my beskerm, ek is seker dat Hy my sal help. Hy sal dit doen, en ek sal bly wees, ek sal sing en Hom prys.

8Die Here maak sy volk sterk, Hy beskerm sy gesalfde en Hy red hom.

9Here, U moet u volk red, U moet dit goed laat gaan met die mense wat aan U behoort. U moet vir hulle die Herder wees en altyd vir hulle sorg.

Psalm 29

Die stem van die Here is sterk

1'n Psalm van Dawid. Julle almal wat in die hemel woon, julle moet die Here prys, julle moet Hom prys, want Hy is Koning, Hy is sterk.

2Julle moet die Naam van die Here prys, want Hy is Koning. Julle moet voor die Here buig wanneer Hy verskyn, Hy is heilig.

3Almal hoor die Here se stem, wanneer Hy bo die water praat, wanneer God die Koning, die Here, hard praat bo die baie water.

4Wanneer die Here praat, dan praat Hy hard, wanneer Hy praat, dan is dit die Koning wat praat.

5Wanneer die Here praat, dan breek die sederbome, die sederbome op die Libanon-berg.

6Hy laat die berge rondspring soos kalwers, Hy laat die Libanon-berg en die Sirjon-berg rondspring soos die kalwers van oer-osse.

7Wanneer die Here praat, dan brand die vure,

8wanneer die Here praat, dan bewe die woestyn. Die Here laat die Kades-woestyn bewe.

9Wanneer die Here praat, dan kry die takbokke lammers, en dan waai die bome se blare af, en almal in die tempel skree en sê: "Die Here is Koning!"

10Die Here is op sy troon bokant die watervloed, die Here is Koning vir altyd.

11Die Here maak sy volk sterk, die Here laat dit goed gaan met sy volk.

Psalm 30

© Bible Society of South Africa.

U het my weer laat lewe

1 ’n Psalm. ’n Lied toe hulle die tempel gewy het. Van Dawid.

2 Here, ek wil U prys, want U het my gered en my laat uitkom, sodat my vyande nie
kan juig oor wat met my gebeur nie.

3 My God die Here, ek het tot U geroep en gevra dat U my moet help, en U het my
gesond gemaak.

4 Here, U het my laat uitkom uit die doderyk, ek was naby die dood, maar U het my
weer laat lewe.

5 Julle wat in die Here glo, julle moet vir Hom sing, julle moet sy heilige Naam noem
en vir Hom dankie sê.

6 Want Hy bly nie lank kwaad nie, Hy is vriendelik so lank soos ’n mens lewe. Ek huil
die hele nag, maar wanneer ek opstaan, dan juig ek weer.

7 Toe dit met my goed gegaan het, het ek gesê dit sal altyd so wees.

8 Here, U was goed vir my, U het my sterk laat staan soos ’n berg. Maar toe U my nie
meer wil sien nie, het ek bang geword.

9 Here, ek het tot Ú gebid, net tot U, ek het gesoebat dat my Here vir my moet help.

10 Wat sal U kan wen as ek sterf, as ek afgaan na die doderyk? Mense wat dood is,
kan nie vir U prys nie, hulle kan nie vertel dat U altyd doen wat U belowe het nie.

11 Here, U moet luister, U moet genadig wees vir my, Here, dit is U wat vir my moet
help.

12 Ek het gehuil en getreur, maar U het my laat dans. U het my rouklere weggevat en
my laat feesvier.

13 Daarom sal ek sing, ek sal nie stilbly nie, my God die Here, ek sal U altyd prys.

Psalm 31

Ek gee myself vir U, Here, net vir U

1 Vir die leier van die koor: ’n Psalm van Dawid.

2 Here, ek vra dat U my moet beskerm, ek vra dit net vir U, U moenie dat ek verloor
teen my vyande nie, nooit nie.

3 U moet luister en my gou red, U moet die rots wees waarnatoe ek kan vlug, die plek
waar ek veilig is, waar U my beskerm.

4 Ja, U is my Rots, U beskerm my, ek behoort aan U, U lei my, U bly by my.

5 My vyande het ’n vangnet styfgetrek om my te vang, maar U maak my los daaruit,
want U beskerm my.

© Bible Society of South Africa.

6Ek gee myself vir U, Here, net vir U. U is God, net U is God, U maak my vry.

7Ek haat mense wat afgode dien, die afgode beteken niks. Maar ek? Ek glo in die Hére.

8Ek sal juig en bly wees omdat U doen wat U belowe. Ja, U het gesien dit gaan sleg met my, U weet dat ek swaarkry.

9U het my vyande nie laat wen nie, U het my vrygemaak.

10Here, U moet genadig wees vir my, want ek kry swaar. My oë is dof, want ek huil baie, ek voel baie sleg.

11My hele lewe lank het ek pyn gehad, ek het gekla en gesug, ek het swak geword oor my sondes, ek het nie meer krag nie.

12My bure spot my omdat so baie mense téén my is. Mense wat my ken, skrik vir my, mense wat my op die straat sien, vlug weg van my.

13Ek het geword soos ’n mens wat gesterf het, ek het geword soos ’n weggooi-ding, mense het my vergeet.

14Maar ek hoor baie mense fluister en sê: “Ons moet hom van al die kante aanval.” Hulle maak saam planne teen my, hulle wil my doodmaak.

15Maar ek? Here, ek glo in U. Ek sê: U is my God.

16Dit is U wat besluit wat elke dag met my moet gebeur, U moet my red van my vyande, die mense wat my volg en jaag.

17U moet naby my wees, naby my, ek is u dienaar, U moet my red, U het dit belowe.

18Here, U moenie my laat verloor teen my vyande nie, ja, ek bid tot U, U moet die mense laat verloor wat verkeerd doen, U moet hulle stilmaak en na die doderyk stuur.

19U moet die mense stilmaak wat leuens vertel, die mense wat hoogmoedig is en spog en wat dink hulle is beter as die mense wat reg doen.

20U is altyd baie goed vir mense wat vir U dien. Al die mense kan sien U doen goed aan mense wat vra dat U hulle moet beskerm.

21Wanneer mense planne maak teen die mense wat vir U dien, dan steek U hulle veilig weg by U, U beskerm hulle wanneer mense hulle beskuldig.

22Ek prys die Here, want Hy het ’n wonderwerk gedoen. Toe mense my van al die kante aangeval het, het Hy gedoen wat Hy belowe het.

23En ek? Toe ek so bang was, het ek gedink hulle sal my wegvat van U, maar U het geluister toe ek gesoebat het en gevra het dat U my moet help.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Julle moet lief wees vir die Here, julle almal wat in Hom glo. Die Here beskerm die
mense wat glo dat Hy hulle sal help, maar Hy straf hoogmoedige mense baie swaar.

25Almal wat glo dat die Here hulle sal help, moet sterk en dapper wees.

Psalm 32

Dit gaan goed met ’n mens wanneer die Here hom vergewe

1Van Dawid. ’n Lied. Dit gaan goed met ’n mens wanneer die Here hom vergewe dat
hy opstandig was, wanneer die Here hom nie straf oor sy sonde nie.

2Dit gaan goed met ’n mens wanneer die Here nie sê dat hy skuldig is nie. Dit gaan
goed met ’n mens wat nie ander mense bedrieg nie.

3Ja, toe ek stilgebly het oor my sondes, het ek die hele dag gekla en gesug en ek het
maer geword,

4want U het my elke dag en nag gestraf. Dit het gevoel of daar ’n vuur in my
brand. ***Sela***

5Toe het ek my sonde vir U bely, ek het nie probeer wegsteek dat ek verkeerd
gedoen het nie, ek het gesê ek sal vir die Here bely dat ek opstandig was. En U het
my sonde vergewe. ***Sela***

6Daarom moet elke mens wat in U glo, tot U bid wanneer dit met hom sleg gaan. Dan
sal die watervloed hom nie wegspoel nie.

7U beskerm my, U hou my weg van gevaar, U maak my vry, en ek kan daaroor sing.

8Ek wil vir jou leer en vir jou sê hoe jy moet lewe, ek wil vir jou raad gee en ek wil kyk
wat jy doen.

9Jy moenie soos ’n perd of ’n muil wees wat dom is nie. ’n Mens moet ’n stang en
’n toom hê om so ’n dier mak te maak en om hom by jou te hou.

10Dit gaan baie sleg met ’n mens wat verkeerd doen, maar die Here doen wat Hy
belowe het vir die mens wat in Hom glo.

11Julle almal wat reg lewe, julle moet bly wees, julle moet juig oor wat die Here
gedoen het. Julle almal wat eerlik lewe, julle moet bly wees en skree.

Psalm 33

Dit gaan goed met die volk wie se God die Here is

1Julle wat reg lewe, julle moet sing oor wat die Here gedoen het. Julle almal wat
eerlik lewe, julle moet sing en die Here prys.

2Julle moet speel op die lier en die Here prys, julle moet vir Hom speel op die harp.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[3]Julle moet vir Hom ’n nuwe lied sing, julle moet goed speel en julle moet hard skree.

[4]Want die Here praat die waarheid, Hy het gedoen wat Hy belowe het.

[5]Hy hou daarvan dat mense reg lewe en dat hulle reg doen aan ander mense. ’n Mens kan oral op die aarde sien dat Hy doen wat Hy belowe het.

[6]Die Here het gesê die lug en die sterre moet daar wees, en toe was hulle daar.

[7]Hy het die water van die see laat bymekaarkom soos in ’n dam, Hy het die diep water in stoorkamers gebêre.

[8]Al die mense in die wêreld moet bang wees vir die Here, almal wat in die wêreld woon, moet die Here respekteer,

[9]want wanneer Hy praat, dan gebeur dinge, wanneer Hy sê iets moet daar wees, dan is dit daar.

[10]Dit is die Here wat die planne van volke laat misluk, dit is Hy wat keer sodat dinge wat mense wil doen, nie gebeur nie.

[11]Wanneer die Here iets wil doen, dan doen Hy dit, wanneer Hy besluit het iets moet gebeur, dan gebeur dit en dit bly altyd so.

[12]Dit gaan goed met die volk wie se God die Here is, die volk wat Hy gekies het om aan Hom te behoort.

[13]Die Here kyk uit die hemel, Hy sien al die mense,

[14]Hy kyk uit sy woonplek wat almal doen, almal wat op die aarde woon.

[15]Dit is Hy wat hulle verstand gemaak het en Hy weet alles wat hulle doen.

[16-17]Mense wen nie ’n oorlog omdat hulle perde het nie, mense word nie vry omdat hulle perde sterk is nie.

[18]Nee, die Here sorg vir die mense wat Hom dien, die mense wat glo dat Hy sal doen wat Hy belowe het.

[19]Hy red hulle van die dood, Hy laat hulle lewe wanneer daar min kos is.

[20]Ons weet dat die Here ons sal help, Hy sal ons beskerm.

[21]Ja, ons juig oor wat Hy gedoen het, oor wat Hy self gedoen het, ja, ons glo in Hom wat heilig is.

[22]Here, doen met ons wat U belowe het, ons glo dat U dit sal doen.

Psalm 34

Die Here sorg vir die mense wat reg lewe

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Van Dawid. Toe hy by Abimelek was, het hy gemaak of hy mal is, en Abimelek het hom weggejaag.

[2]Ek sal die Here altyd prys, ek sal aanhou sing vir Hom.

[3]Ek sal vir almal sê wat die Here gedoen het. Die mense wat hulleself nie kan help nie, moet dit hoor en hulle moet bly wees.

[4]Julle moet saam met my sing en sê die Here is groot, julle moet almal saam sy Naam prys.

[5]Ek het vir die Here gevra wat met my sal gebeur, en Hy het my geantwoord. Ek was bang vir baie dinge, maar Hy het my van alles gered.

[6]Die mense wat hulleself nie kan help nie, wag dat Hy hulle moet help, hulle weet Hy sal help, en hulle is bly.

[7]Ek kan myself nie beskerm nie, ek het gebid, en die Here het gehoor. Hy het my gered van alles wat dit sleg laat gaan het met my.

[8]Die Engel van die Here beskerm die mense wat die Here dien en Hy red hulle.

[9]Julle moet self voel en sien dat die Here goed is. Dit gaan goed met die mens wat vra dat die Here hom moet beskerm.

[10]Julle wat aan die Here behoort, julle moet die Here dien, want die mense wat Hom dien, het altyd genoeg van alles.

[11]Leeus kry nie altyd genoeg kos nie en hulle word honger, maar die mense wat vir die Here vra wat hulle moet doen, het genoeg van al die goeie dinge.

[12]Kom kinders, julle moet luister na my, ek wil vir julle leer hoe julle die Here moet dien.

[13]Die persoon wat lief is vir die lewe en wat graag goeie dinge wil hê,

[14]moenie sleg praat van mense nie en hy moenie lieg nie.

[15]Hy moenie verkeerde dinge doen nie, hy moet goeie dinge doen, hy moet altyd probeer om vrede te maak.

[16]Die Here kyk na die mense wat reg lewe en Hy sorg vir hulle. Hy luister wanneer hulle roep en vra dat Hy hulle moet help.

[17]Die Here hou nie van mense wat verkeerde dinge doen nie, Hy sal hulle laat verdwyn, en niemand in die land sal nog aan hulle dink nie.

[18]Wanneer die mense wat reg lewe, roep en vra dat die Here hulle moet help, dan luister die Here, en Hy red hulle van alles wat dit sleg laat gaan met hulle.

© Bible Society of South Africa.

19Die Here is naby die mense wat dink dit sal nooit beter gaan met hulle nie, Hy red die mense wat heeltemal moedeloos geword het.

20Daar is baie dinge wat ’n mens wat reg lewe, laat swaarkry, maar die Here red Hom van al hierdie dinge.

21Die Here sorg vir die mens wat reg lewe se hele liggaam, niemand sal die bene in so ’n mens se liggaam breek nie.

22Die mens wat verkeerd lewe, sal sterwe omdat hy verkeerd doen, die mense wat die mense haat wat reg lewe, sal skuldig wees, en die Here sal hulle straf.

23Die Here red die lewe van die mense wat Hom dien. Mense wat vra dat Hy hulle moet beskerm, sal nie skuldig wees nie.

Psalm 35

U moet my kom help

1Van Dawid. Here, U moet sê die mense wat my beskuldig, is self skuldig, U moet oorlog maak teen die mense wat oorlog maak teen my.

2U moet die groot skild en die klein skild gryp en U moet my kom help.

3U moet die spies vat en die mense keer wat my jaag en my wil vang, U moet vir my sê dat U my sal red.

4Die mense wat wil hê dat ek moet sterf, moenie wen nie, hulle moet verloor. Die mense wat wil hê dat ek moet sterf, moet ophou om my aan te val, hulle moenie weet wat om te doen nie.

5Hulle moet wees soos kaf wat in die wind wegwaai wanneer die Engel van die Here hulle wegjaag.

6Hulle paaie moet donker en glad wees, en die Engel van die Here moet hulle jaag.

7Ek het niks gedoen nie, maar hulle grawe vir my ’n gat om in te val, ek het niks gedoen nie, maar hulle wil my doodmaak.

8U moet dit sleg laat gaan met hulle, en dit moet gebeur voordat hulle besef dat dit gebeur het. Die vangnet wat hulle styfgetrek het, moet hulleself vang, hulle moet in die vangnet val en sterf.

9Maar ek? Ek sal juig oor wat die Here gedoen het, ek sal vrolik wees omdat Hy my gered het.

10Ek sal met my hele hart sê: Here, daar is niemand soos U nie, U wat die mens red wat homself nie kan red nie, die mens wat niks het nie, U wat hom red van die mense wat sterker is as hy en wat hom verdruk.

© Bible Society of South Africa.

11Die mense wat my beskuldig, is my vyande, hulle sê ek het dinge gedoen, maar ek
weet niks daarvan nie.

12Ek het goed gedoen aan hulle, maar hulle wil dit sleg laat gaan met my, en ek het
niemand wat my kan help nie.

13Maar ek? Ek het rouklere aangetrek en sonder kos gebly toe hulle siek was. Ek het
my kop gebuig en gebid

14soos ek vir ’n broer of ’n vriend bid. Ek het krom geloop en getreur, ek het gerou
soos ek vir my eie ma sal rou.

15Maar toe dit sleg gaan met my, was hulle bly. Hulle het om my kom staan en hulle
het my gespot. Mense wat ek nie ken nie, het aangehou om lelike dinge vir my te sê.

16Dit is vir die mense wat nie die Here dien nie, lekker om vir my te lag, hulle wil hê
dat ek moet sterf.

17Here, hoe lank sal U dit nog sien en niks doen nie? U moet my red van hierdie
mense wat my wil aanval soos leeus.

18Ek sal vir U dankie sê in die groot volksvergadering, ek sal U prys waar almal
bymekaar is.

19U moenie dat my vyande bly is oor wat met my gebeur nie, U moenie dat die
mense wat my haat, lekkerkry nie, ek het niks verkeerd gedoen nie.

20Want hulle wil hê dat dit nie goed moet gaan met my nie. Hulle vertel leuens oor
mense wat vir niemand in die land pla nie.

21Hulle maak hulle monde groot oop, hulle sê: “Ja, ons het dit self gesien!”

22Here, U het dit gehoor, U moenie stilbly nie. My Here, U moenie ver van my wees
nie.

23U moet kom, my God en my Here, U moet help dat hulle my reg oordeel.

24U doen reg, Here my God, U moet my oordeel, U moenie dat hulle bly is oor wat
met my gebeur nie.

25U moenie dat hulle vir hulleself kan sê: “Dit is goed, dit is wat ons wou hê, ons het
hom heeltemal gewen!”

26U moet die mense laat verloor wat bly is omdat ek swaarkry, U moet
húlle verneder. Die mense wat dink hulle is belangriker as ek, U moet húlle laat voel
hoe dit is om te verloor.

27Maar die mense wat wil hê ek moet wen, U moet húlle laat sing en bly wees, U
moet hulle laat aanhou sê: “Die Here is groot, Hy wil hê dit moet goed gaan met ’n
mens wat Hom dien.”

© Bible Society of South Africa.

28Ekself sal aanhou praat oor U wat reg gedoen het, ek sal U die hele dag lank prys.

Psalm 36

U moet aanhou doen wat U belowe het

1Vir die leier van die koor: Van Dawid, die dienaar van die Here.

2Iemand wat verkeerd doen, is opstandig teen die Here, ek weet dit. So ’n mens sê hy is nie bang vir God nie.

3Hy dink hy is baie wonderlik, hy sien nie dat hy verkeerd doen nie en hy is nie jammer daaroor nie.

4Wanneer hy praat, dan praat hy oor hoe hy slegte dinge kan doen en mense kan bedrieg. Hy weet nie hoe om verstandig te wees en goed te doen nie.

5Wanneer hy op sy bed lê, dan dink hy watter slegte dinge hy kan doen, hy kies die pad wat nie goed is nie, hy hou nie op om verkeerde dinge te doen nie.

6Here, U doen wat U belowe het, U doen dit op die aarde en in die hemel, U bly dieselfde, hier en ook tussen die wolke.

7U doen reg op die aarde, ook op die hoogste berge, U oordeel reg, ook in die groot, diep water. Here, U red mense en diere.

8Dit is vir ons kosbaar, o God, dat U doen wat U belowe het. Mense weet dat U hulle sal beskerm.

9Daar is baie dinge wat mense kan geniet in u tempel, dit is soos strome water wat U vir hulle gee om te drink.

10Want U gee vir ons die lewe, U gee die lig wat vir ons laat lewe.

11Here, U moet aanhou doen wat U belowe het vir die mense wat naby U lewe. U moet aanhou reg doen aan die mense wat eerlik is.

12U moenie dat hoogmoedige mense op my trap nie, U moenie dat mense wat verkeerd doen, my wegjaag nie.

13Kyk, die mense wat slegte dinge doen, het geval, hulle lê daar, hulle kan nie opstaan nie.

Psalm 37

Jy moet glo die Here lei jou op jou pad

1Van Dawid. Jy moenie kwaad word oor wat slegte mense doen nie, jy moenie ontsteld wees oor mense wat slegte dinge doen nie,

© Bible Society of South Africa.

2want gras verlep gou, en groen plante word droog, en so sal dit gaan met daardie mense.

3Jy moet glo dat die Here sal doen wat Hy belowe het en jy moet goeie dinge doen. Dan sal jy in hierdie land woon en jy sal veilig wees.

4As jy gelukkig voel omdat jy aan die Here behoort, dan sal Hy vir jou alles gee wat jy wil hê.

5Jy moet glo dat die Here jou op jou pad sal lei en dat Hy sal doen wat Hy belowe het. As jy dit glo, dan sal Hy dit doen

6en Hy sal vir almal wys dat jy onskuldig is, Hy sal vir almal sê jy is iemand wat reg doen.

7Jy moet stilbly en geduldig wag totdat die Here iets doen. Jy moenie kwaad word wanneer dit goed gaan met iemand wat skelm planne maak nie.

8Jy moenie kwaad en ontsteld word nie, jy moet dit los. Jy moenie kwaad word nie, dit bring net probleme.

9Want mense wat slegte dinge doen, sal moet weggaan uit die land. Die mense wat glo dat die Here hulle sal red, húlle sal die land kry.

10Oor ’n kort tydjie sal die mense wat verkeerd doen, weg wees. Jy sal kyk na die plek waar hulle was, en hulle sal nie daar wees nie.

11Maar die mense wat hulleself nie kan help nie, sal die land kry en hulle sal gelukkig voel omdat alles goed sal gaan.

12Die mens wat verkeerd doen, maak slim planne teen die mens wat reg doen, hy wil hom laat sterf.

13Maar die Here lag vir die mense wat verkeerd doen, want Hy weet wat met hulle sal gebeur.

14Die mense wat verkeerd doen, vat die swaard en hulle trek die boog styf, hulle wil die mense doodmaak wat hulleself nie kan beskerm nie en wat niks het nie, hulle wil die mense vermoor wat eerlik lewe.

15Maar hulle swaard sal deur hulle eie hart steek, en hulle boog sal stukkend breek.

16Wanneer die mens wat reg lewe, min het, dan is dit beter as die baie dinge wat die mense het wat verkeerd doen,

17want die Here sal die mense wat verkeerd doen, swak laat word, maar Hy beskerm die mense wat reg doen.

18Die Here sorg altyd vir mense wat net goed doen, en die land sal altyd hulle land wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Hulle sal weet wat om te doen wanneer dit sleg gaan, en wanneer daar min kos in die land is, dan sal hulle genoeg hê om te eet.

20Maar die mense wat verkeerd doen, sal sterf. Die vyande van die Here is soos die veldblomme, hulle verdwyn in die rook en hulle is weg.

21Die mens wat verkeerd doen, leen van ander mense en hy gee nie terug nie. Die mens wat reg doen, is iemand wat vir ander mense goed is en wat gee.

22Wanneer die Here mense seën, dan sal hulle die land kry, wanneer Hy mense vervloek, dan jaag Hy hulle weg uit die land.

23Wanneer die Here tevrede is oor hoe ’n mens lewe, dan lei Hy hom en dan beskerm Hy hom.

24Wanneer so ’n mens val, dan val hy nie hard nie, want die Here hou sy hand vas.

25Ek is nou oud, maar vandat ek jonk was tot nou toe, het ek nie gesien dat die Here ’n mens los wat reg lewe nie, ek het ook nie gesien dat so ’n mens se nageslag nie kos het nie.

26Die mens wat reg lewe, kan die hele dag lank goed wees vir ander mense en vir hulle dinge leen, en sy nageslag laat dit goed gaan met ander mense.

27Jy moenie verkeerd doen nie, jy moet doen wat goed is, dan sal jy altyd in die land woon.

28Want die Here hou daarvan dat mense reg doen aan ander mense en Hy los nie die mense wat in Hom glo nie. Hy beskerm hulle altyd, maar Hy jaag die nageslag van die mense wat verkeerd doen, weg.

29Die mense wat reg lewe, sal die land kry en altyd daar woon.

30Wanneer die mens wat reg lewe, sy mond oopmaak en praat, dan wys hy dat hy wysheid het en dat hy reg wil doen aan ander mense.

31Hy weet wat die Here wil hê hy moet doen, en hy doen nie verkeerd nie.

32Die mens wat verkeerd doen, probeer om die mens wat reg doen, te vang wanneer hy iets verkeerd doen, hy wil hê dat hy moet sterf.

33Maar die Here los nie die mens wat reg doen nie, daardie mens is nie skuldig wanneer mense hom oordeel nie.

34Jy moet glo dat die Here sal doen wat Hy belowe en jy moet lewe soos Hy wil hê. Dan sal Hy jou die hoof van die land laat word, en jy sal sien hoe die mense wat verkeerd doen, uit die land moet weggaan.

35Ek het gesien dat ’n mens wat verkeerd doen, ander mense verdruk, ek het gesien dat dit met hom goed gaan, hy lyk soos ’n boom wat altyd groen is.

© Bible Society of South Africa.

36Maar toe ek weer daar verbykom, toe was hy nie meer daar nie. Ek het hom gesoek, maar ek het hom nie gekry nie.

37Kyk hoe dit gaan met die goeie mens, die eerlike mens. Ja, die mens wat vrede wil hê, het ’n nageslag.

38Maar die mense wat opstandig is teen die Here, sal sterf. Die nageslag van die mense wat verkeerd doen, sal verdwyn.

39Dit is die Here wat die mense red wat reg doen, Hy beskerm hulle wanneer hulle swaarkry.

40Die Here help hulle en Hy maak hulle vry, Hy maak hulle vry van die mense wat verkeerd doen en Hy red hulle, want hulle vra dat Hy hulle moet beskerm.

Psalm 38

Dit is vir U wat ek wag

1’n Psalm van Dawid. Om te onthou.

2Here, U is kwaad, maar U moenie vir my straf nie, U hou nie van die dinge wat ek gedoen het nie, maar U moenie vir my laat swaarkry nie.

3U het my geskiet met u pyle en U het my geslaan met u hand.

4My hele lyf is seer omdat U vir my kwaad is, niks in my is heel nie omdat ek sonde gedoen het.

5Die verkeerde dinge wat ek gedoen het, is soos iets wat ek moet dra wat baie swaar is, en dit is te swaar vir my.

6Ek is ’n dwaas, daarom is my liggaam vol seerplekke wat stink en nog seerder word.

7Ek is krom, ek kan nie regop loop nie, ek loop die hele dag en huil en treur,

8want dit voel of daar ’n vuur in my is, my hele lyf is seer.

9Ek is naby my einde, ek kan nie meer aanhou nie, ek brul soos ’n leeu, want alles in my voel deurmekaar.

10My Here, U weet alles wat ek wil vra, U hoor hoe ek kla en sug.

11Ek hoor my hart klop vinnig, my krag is op, en ek kan nie meer goed sien nie.

12My vriende en my maats staan nie naby my nie omdat ek siek is, my familie het ver gaan staan.

13Die mense wat wil hê dat ek moet sterf, wag dat ek iets moet sê of doen waaroor hulle my kan beskuldig. Die mense wat wil hê dat dit sleg moet gaan met my, praat oor hoe hulle my kan laat doodmaak, hulle dink die hele dag aan vals dinge teen my.

© Bible Society of South Africa.

14 En ek? Ek maak of ek doof en stom is, ek hoor nie en ek praat nie.

15 Ek is soos iemand wat nie kan hoor nie en nie kan antwoord nie,

16 want dit is vir U wat ek wag. My Here, my God, dit is U wat sal antwoord,

17 want ek vra vir U: U moenie dat hulle bly word oor wat met my gebeur nie, U moenie dat hulle spog wanneer ek val nie,

18 want ek gaan nou val, en ek het altyd pyn.

19 Ek bely dat ek verkeerd gedoen het, ek voel sleg oor my sonde.

20 My vyande is gesond en sterk. Ek het niks verkeerd gedoen nie, maar daar is baie mense wat my haat.

21 Ek het goed gedoen aan hulle, maar hulle wil dit sleg laat gaan met my. Hulle is teen my omdat ek probeer goed doen.

22 My God die Here, U moenie vir my los nie, U moenie ver van my wees nie.

23 My Here, U moet my gou kom help, dit is U wat my moet red.

Psalm 39

U moenie meer my sonde raaksien nie

1 Vir die leier van die koor: Van Jedutun. ’n Psalm van Dawid.

2 Ek het gedink ek wil nie dinge sê waarmee ek sonde doen nie, ek wil my mond toehou wanneer ’n mens wat verkeerd doen, voor my staan.

3 Ek het nie gepraat nie, ek het stilgebly, maar dit was nie goed vir my nie, my pyn het meer en meer geword.

4 Die pyn het gebrand in my. Wanneer ek daaraan gedink het, dan het die pyn meer gebrand. En toe het ek gepraat. Ek het gesê:

5 Here, U moet vir my laat weet wanneer ek sal sterf. Hoe lank sal ek nog lewe? Ek wil weet wanneer my lewe verby sal wees.

6 Ek weet, U sal my nie lank laat lewe nie, vir U is die tyd wat ek lewe, soos niks. Ja, niemand is soos hy moet wees nie. *Sela*

7 ’n Mens se lewe is soos ’n skaduwee wat verbygaan, hy maak hom moeg, maar hy kry niks daarvoor nie. Hy maak baie goed bymekaar maar hy weet nie wie dit sal kry nie.

8 En daarom, Here, wat kan ek hoop? Ek weet dit is net U wat kan help.

9 Ek was baie opstandig, maar U moet my red, U moenie dat mense vir my lag soos hulle lag vir ’n dom mens nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Ek het nie gepraat nie, ek het nie my mond oopgemaak nie, want dit is U wat alles
met my laat gebeur het.

11U moenie aanhou om my te straf nie, U het my baie geslaan, ek is amper dood.

12Wanneer U ’n mens straf oor wat hy gedoen het, dan laat U alles verdwyn wat vir
hom kosbaar is, dit is soos ’n mot wat klere vreet. Ja, niemand is soos hy moet wees
nie. *Sela*

13Here, U moet luister na my gebed, U moet luister hoe ek kla en sug. U moenie
maak of U nie my trane sien nie, want ek is by U soos ’n vreemdeling, U het vir my
woonplek gegee vir ’n kort tyd, soos vir my voorvaders.

14U moenie meer my sonde raaksien nie, sodat ek ’n kort tyd gelukkig kan wees
voordat ek sterf en nie meer lewe nie.

Psalm 40

U moenie ophou om jammer te wees vir my nie

1Vir die leier van die koor: Van Dawid. ’n Psalm.

2Ek het aangehou wag dat die Here my moet help, en Hy het na my toe gebuig en
gehoor hoe ek kla en sug.

3En toe het Hy my opgetrek uit die diep gat vol slym en modder, ek het amper daar
gesterf. Hy het my op ’n rots neergesit, my voete kon daar vas staan.

4Hy het vir my ’n nuwe lied laat sing, ’n lied om ons God te prys. Baie mense het
gesien wat Hy gedoen het, en hulle het Hom gerespekteer en gedien, hulle het geglo
dat die Here hulle sal help.

5Dit gaan goed met ’n mens wat glo dat die Here hom sal help, ’n mens wat nie vra
dat afgode hom moet help nie, dinge wat nie gode is nie.

6U, my God die Here, U het baie wonderwerke gedoen en U het baie dinge oor ons
besluit. Niemand is soos U nie. As ek wil vertel wat U gedoen het en daaroor wil
praat, dan is alles te veel om te tel.

7U wil nie offers en presente hê nie, U wil hê dat ek moet luister na wat U sê. U het
nie gevra dat ons brand-offers en sonde-offers moet bring nie.

8Daarom het ek gesê: “Hier is ek! Die boek met u wette sê dat ek dit moet doen.”

9My God, ek hou daarvan om te doen wat U wil hê. Ek dink altyd aan wat in u wette
geskryf is.

10U het my gered, en ek het hierdie goeie nuus in die groot vergadering vertel. U
moet luister, ek het nie stilgebly nie. Here, U weet dit self.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Ek het nie stilgebly nie, ek het vertel dat U red, ek het gesê dat U doen wat U sê, U help. Ek het vir die groot volksvergadering gesê dat U doen wat U belowe het en altyd dieselfde is. Ek het nie stilgebly nie.

12U, Here, U moenie ophou om jammer te wees vir my nie, U moet altyd doen wat U belowe het, U moet dieselfde bly, dan sal ek veilig wees.

13Baie slegte dinge het met my gebeur, dit is te veel om te tel. My sondes is meer as die hare op my kop en U straf my nou daaroor. Ek kan nie meer sien nie, ek kan nie verder gaan nie.

14 Here, U moet my asseblief red! Here, U moet my gou kom help!

15Die mense wat wil hê dat ek moet sterf, moenie wen nie, hulle moet verloor. Die mense wat wil hê dat dit sleg moet gaan met my, moet weggaan, hulle moet weet dat hulle niks sal regkry nie.

16Die mense wat vir my spot en hulle tong uitsteek, moet groot skrik omdat U hulle so verneder.

17Almal wat vir U wil kom dien, moet vrolik en bly wees, die mense wat wil hê dat U hulle moet help, moet aanhou sê: “Die Here is groot!”

18En ek? Ek kan myself nie help nie, ek het niks, dit is my Here wat vir my sorg. Dit is U wat my sal help en my vry sal maak. My God, U moenie wag nie, U moet gou kom!

Psalm 41

U sal my vyande nie laat juig nie

1Vir die leier van die koor: ’n Psalm van Dawid.

2Dit gaan goed met die persoon wat bekommerd is oor ’n arm mens. Die Here sal so ’n persoon red wanneer dit sleg gaan met hom.

3Die Here sal hom beskerm en hom laat aanhou lewe, die Here sal hom ’n gelukkige mens maak in hierdie land. U sal hom nie vir sy vyande gee sodat hulle met hom kan doen wat hulle wil nie.

4Die Here sal hom help wanneer hy siek is en Hy sal hom weer gesond laat word.

5Ekself het gesê: Here, U moet genadig wees vir my, ek het sonde gedoen teen U, maar U moet my gesond maak.

6My vyande sê dat dit sleg sal gaan met my. Hulle vra: “Wanneer sterf hy, wanneer verdwyn sy naam?”

7En wanneer iemand kom kyk hoe dit gaan, dan sê hy mooi dinge, maar hy hoop dat dit nie gebeur nie. Hy kom kyk hoe sleg dit met my gaan en hy gaan vertel dit daar buite.

© Bible Society of South Africa.

8Al die mense wat my haat, staan en fluister oor my, hulle hoop dat dit baie sleg sal gaan met my.

9Hulle sê: “Hierdie siekte sal hom laat sterf, hy sal nie weer opstaan van sy bed nie.”

10Ek het gedink ’n goeie vriend sal my help, hy het altyd saam met my geëet, maar hy het my verraai.

11En U, Here? U moet genadig wees vir my en U moet my laat opstaan, sodat ek aan hulle kan doen wat hulle aan my gedoen het.

12Ek weet U is lief vir my, want U sal my vyande nie laat juig omdat hulle dink hulle het gewen nie.

13En ek? Ek is onskuldig, daarom help U my en hou U my regop, U laat my voor U staan vir altyd.

14Almal moet die Here, die God van Israel, prys. Hulle moes dit altyd doen, en hulle moet dit altyd aanhou doen. So was dit en so moet dit wees.

Psalm 42

My Rots, hoekom het U my vergeet?

1Vir die leier van die koor: ’n Lied. Van die Korag-groep.

2Ek verlang na U, o God, soos ’n wildsbok verlang na strome water.

3Ek is dors vir God, vir die God wat lewe. Wanneer kan ek Hom weer in sy tempel gaan dien?

4My trane is my kos, ek huil elke dag en nag wanneer mense aanhou om vir my te vra: “Waar is jou God?”

5Dan onthou ek en ek hou aan om te dink hoe ek tussen baie mense geloop het en hulle gelei het na die tempel. Ons was baie mense en ons het feesgevier, ons het hard gesing en vir God dankie gesê.

6Ek moenie so treurig en ontsteld wees nie, ek moet glo dat God my sal help, ja, ek sal weer ’n lied sing om Hom te prys. Hy is naby, Hy sal my red,

7Hy is my God. Wanneer ek so treurig is, dan dink ek aan U hier waar ek is in die land by die Jordaan-rivier en by die Hermon-berge, hier by die Klein-berg.

8Wanneer U die watervalle laat raas, dan is dit soos wanneer die diep waters vir mekaar skree, en U al die branders en die groot golwe oor my laat spoel.

9As die Here elke dag vir my doen wat Hy belowe het, dan sal ek elke nag ’n lied vir Hom sing, ek sal bid tot die God wat my laat aanhou lewe.

© Bible Society of South Africa.

10Ek sal vir God sê: My Rots, hoekom het U my vergeet? Hoekom moet ek aanhou rou omdat vyande my laat swaarkry?

11Dit voel of iemand my doodsteek wanneer my vyande my spot en aanhou sê: “Waar is jou God?”

12Ek moenie so treurig en ontsteld wees nie, ek moet glo dat God my sal help, ja, ek sal weer ’n lied sing om Hom te prys. Hy is naby, Hy sal my red, Hy is my God.

Psalm 43

U moet u lig vir my laat skyn

1U self moet my oordeel, o God, U moet my verdedig teen mense wat nie aan U behoort nie, U moet my red van mense wat lieg en onregverdig is.

2Ja, U is die God wat my moet beskerm. Hoekom het U my weggestoot? Hoekom moet ek aanhou rou omdat vyande my laat swaarkry?

3U moet u lig vir my laat skyn en U moet die waarheid oor my sê. U lig en u waarheid moet my lei en moet my terugneem na u gewyde berg, u woonplek.

4Dan sal ek na die altaar van God gaan, die God wat my bly maak. Ek sal U prys met die lier, o God, my God.

5Ek moenie so treurig en ontsteld wees nie, ek moet glo dat God my sal help, ja, ek sal weer ’n lied sing om Hom te prys. Hy is naby, Hy sal my red, Hy is my God.

Psalm 44

U moenie vir ons weggooi vir altyd nie

1Vir die leier van die koor: Van die Korag-groep. ’n Lied.

2O God, ons het dit self gehoor, ons voorvaders het dit vir ons vertel. U het iets gedoen toe hulle gelewe het, lank gelede.

3U het self volke weggejaag en vir u volk ’n woonplek gegee. U het die ander volke laat swaarkry en U het dit goed laat gaan met u volk.

4Ja, hulle het die land gevat, maar nie omdat hulle goed oorlog kon maak nie, hulle het gewen, maar nie omdat hulle self sterk was nie. Nee, dit was Ú wat sterk was en wat by hulle was, omdat U lief was vir hulle.

5O God, dit is U wat my Koning is. Wanneer U dit sê, dan sal Jakob wen.

6As U by ons is, dan sal ons die mense oorwin wat teen ons is. As U ons stuur, dan sal ons die mense plat trap wat oorlog wil maak teen ons.

7Ja, ek weet, my pyl en boog of my swaard wen nie ’n oorlog vir my nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[8]Want U het ons gered van ons vyande, U het die mense wat vir ons haat, laat verloor.

[9]Ons het aangehou praat oor wat God gedoen het en ons sal u Naam altyd prys. ***Sela***

[10]En toe stoot U ons weg en U verneder ons, U gaan nie saam wanneer ons oorlog gaan maak nie.

[11]U laat ons omdraai en wegvlug van die vyande, en die mense wat vir ons haat, vat ons goed.

[12]U laat ons sterf soos slagskape, U jaag ons na al die kante toe, na ander lande.

[13]U verkoop u volk vir niks, U wou nie baie geld vir hulle hê nie.

[14]U laat ons bure vir ons verneder, U laat die mense rondom ons vir ons lag en spot.

[15]U laat die ander volke ons name gebruik wanneer hulle slegte dinge oor mense wil sê, ja, hulle skud hulle koppe oor ons.

[16]Ek weet nie waar ek moet wegkruip nie, ek hou nie op om skaam te wees nie

[17]wanneer ek hoor hoe praat die mense wat spot en slegte dinge oor my sê, en wanneer ek die vyande en die mense sien wat my wil laat swaarkry.

[18]Dit alles het met ons gebeur. Maar ons het U nie vergeet nie en ons was nie vals teen u verbond nie.

[19]Ons was nie ongehoorsaam nie, ons het gelewe soos U gesê het.

[20]Maar U het ons woonplek stukkend geslaan, en U het dit ’n plek gemaak waar jakkalse woon, U het dit baie donker rondom ons gemaak.

[21]Ons het nie die Naam van ons God vergeet nie, ons het nie ons hande opgelig en tot ’n ander god gebid nie.

[22]As ons dit gedoen het, dan sou God dit geweet het, want Hy ken die geheime van ons hart.

[23]Ja, omdat ons aan U behoort, daarom hou mense aan om ons dood te maak. Hulle maak of ons slagskape is.

[24]Here, U moet iets doen, hoekom slaap U? U moet wakker word, U moenie vir ons weggooi vir altyd nie.

[25]Hoekom kyk U weg? Hoekom maak U of U nie weet dat ons swaarkry en dat mense ons verdruk nie?

[26]Ja, ons lê op die grond, ons kan nie opstaan nie.

[27]U moet kom en U moet ons help, U moet u verbond met ons onthou, U moet ons red.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Psalm 45

My lied vir die koning

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied oor die blomme. Van die Korag-groep. ’n Lied. ’n Lied van die liefde.

2Ek soek na mooi woorde wanneer ek my lied vir die koning sing. My tong word soos die pen van iemand wat goed kan skryf.

3Jy is mooier as ander mense en jy sê mooi dinge, daarom was God altyd goed vir jou.

4Jy moet jou swaard gereed hou op jou heup, jy is die leier, want jy is die koning, en almal kan dit sien.

5Jy is die koning en jy sal doen wat jy moet doen. Waar jy gaan, moet jy reg doen. Jy moet nederig bly, dit is reg, dan sal jy sterk wees en belangrike dinge doen.

6Jou pyle is skerp, hulle sal steek deur die harte van die vyande van die koning, hulle sal volke voor jou laat val.

7God het vir jou koning gemaak vir altyd. Jy regeer jou mense regverdig,

8jy is lief vir wat reg is en jy haat wat verkeerd is. Daarom het God, jou God, vir jou gesalf en vir jou meer vreugde gegee as vir ander konings.

9Al jou klere ruik soos mirre, aalwyn en kassie, en jy geniet die musiek wat uit ivoor-paleise kom.

10Daar is prinsesse tussen jou vroue, en regs langs jou staan die koningin. Sy dra juwele van die beste goud.

11Dogter, jy moet luister, jy moet kyk en goed luister. Jy moet nou jou volk en jou familie vergeet.

12Jy is mooi, en die koning hou baie van jou. Jy behoort aan hom en jy moet doen wat hy wil hê.

13Dogter uit die stad Tirus, die ryk mense sal vir jou presente bring sodat jy vriendelik kan wees met hulle.

14Die prinses is baie mooi, en sy kom in, haar klere is van goud-draad.

15Haar rok het baie kleure, en hulle lei haar na die koning toe. Agter haar is die jongmeisies, haar vriendinne, hulle kom saam.

16Mense juig en sing, hulle lei die meisies en bring hulle in die paleis van die koning.

17Koning, jy sal seuns hê, en hulle sal regeer soos jou voorvaders. Jy sal hulle kies en aanstel om amptenare te wees in die hele land.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18My lied sal elke geslag aan jou laat dink. Daarom sal die volke jou altyd prys.

Psalm 46

God beskerm ons en maak ons sterk

1Vir die leier van die koor: Van die Korag-groep. Dieselfde musiek soos vir die lied "Jong Vroue." 'n Lied.

2God beskerm ons en Hy maak ons sterk, Hy is altyd gereed om ons te help.

3Daarom is ons nie bang nie, ook nie wanneer die aarde skud, en die berge tot in die see val nie,

4ook nie wanneer die water van die see raas en skuim, en sy wilde branders die berge laat bewe nie. ***Sela***

5Daar is 'n rivier, sy strome maak die mense bly wat woon in die stad van God, die gewyde woonplek van die Hoogste God.

6God is in hierdie stad, niemand sal die stad oorwin nie, God sal die stad help wanneer dit oggend word.

7Volke het geraas, lande is verwoes. Wanneer die Here praat, dan smelt die aarde weg.

8Die Here wat oor alles regeer, is by ons, die God van Jakob beskerm ons. ***Sela***

9Julle moet kom kyk wat die Here doen, kom kyk watter wonderlike dinge Hy op die aarde doen:

10Hy het oorloë laat ophou op die hele aarde, Hy het pyl en boog gebreek, spiese stukkend geslaan en skilde verbrand.

11Hy het gesê: "Julle moet ophou veg, julle moet weet dat Ek God is, Ek is hoog bo die volke, hoog bo die aarde."

12Die Here wat oor alles regeer, is by ons, die God van Jakob beskerm ons. ***Sela***

Psalm 47

God is Koning van die volke

1Vir die leier van die koor: Van die Korag-groep. 'n Psalm.

2Al die volke, julle moet hande klap, julle moet hard skree en sing vir God,

3want almal moet die Here eer, die Here, die Hoogste God. Hy is die Groot Koning van die hele aarde.

4Hy het ons laat wen teen ander volke, hulle moet ons dien.

© Bible Society of South Africa.

5Hy kies vir ons die land wat altyd ons land mag wees, die pragtige land van Jakob vir wie Hy lief is. *Sela*

6Toe God na sy tempel gaan, het die mense geskree, hulle het vir die Here die ramshoring geblaas.

7Julle moet sing vir God, julle moet sing, julle moet sing vir ons Koning, julle moet sing,

8want God is die Koning van die hele aarde, julle moet vir Hom ’n lied sing.

9God is Koning van die volke, God het gaan sit op sy gewyde troon.

10Die leiers van die ander volke sal bymekaarkom saam met die volk van die God van Abraham, want God regeer oor die mense wat oor die aarde regeer, Hy is hoog bo almal.

Psalm 48

Die stad van die Groot Koning

1’n Lied. ’n Psalm van die Korag-groep.

2Die Here is groot, almal moet Hom prys in die stad van ons God, op sy gewyde berg.

3Sionsberg is mooi en hoog. Almal op die aarde is bly oor die berg. Dit is die berg waar God woon, dit is die stad van die Groot Koning.

4God het vir almal gewys dat Hy die mense beskerm binne die sterk mure van die stad.

5Want kyk, konings het bymekaargekom en hulle het saam die stad kom aanval,

6maar toe hulle self die stad sien, het hulle geskrik. Hulle het bang geword, hulle het gevlug.

7Hulle het baie bang geword daar by die stad, hulle was so bang soos ’n vrou wat ’n kind moet kry,

8so bang soos wanneer U skepe op die oop see stukkend breek met die oostewind.

9Ons het daarvan gehoor, en nou het ons dit gesien in die stad van die Here wat oor alles regeer, in die stad van ons God. God laat die stad vir altyd vas staan. ***Sela***

10O God, ons het hier binne-in u tempel daaraan kom dink dat U doen wat U belowe het.

11Almal op die aarde moet U prys, o God, want almal weet van U. Alles wat U doen, is reg.

12Die mense in Sion moet bly wees, die mense in die stede van Juda moet juig omdat U reg oordeel.

© Bible Society of South Africa.

13Julle moet om Sion loop, rondom die stad, julle moet die torings in die muur tel.

14Julle moet goed kyk na die muur om die stad, julle moet kyk na die sterk mure binne-in die stad, sodat julle vir julle kinders kan sê:

15Die God wat hierdie stad beskerm, is ons God, nou en vir altyd. Hy sal ons altyd lei.

Psalm 49

As ’n mens ryk is en nie verstandig is nie, dan is hy soos die diere

1Vir die leier van die koor: Van die Korag-groep. ’n Psalm.

2Al die mense moet luister na wat ek sê, almal wat in die wêreld woon, moet dit hoor,

3almal saam, ryk mense en arm mense.

4Ek sal woorde van wysheid praat, ek sal verstandige dinge sê.

5Ek wil luister na ’n spreuk en terwyl ek op die lier speel, wil ek sê wat dit beteken.

6Ek sal nie bang word wanneer dit sleg gaan nie, wanneer ek die sondes rondom my sien van mense wat my bedrieg nie.

7Hulle dink hulle geld en rykdom sal hulle help, hulle spog oor die baie goed wat hulle het.

8Een mens kan nie ’n ander mens loskoop van die dood nie, glad nie, hy kan nie vir God betaal om die persoon vry te maak nie.

9Om te betaal vir sy lewe, sal te veel kos. Hy sal nooit genoeg kan betaal

10sodat hy vir altyd kan lewe en nie in die graf kom nie.

11Ja, hy sal sien dat wyse mense ook sterf soos dwase en dom mense, hy sal sien hulle sterf en hulle los hulle geld en rykdom vir ander mense.

12Hulle bly altyd in die graf, elke nuwe geslag sien dat hulle daar is, hierdie mense wat voorheen elkeen sy eie grond gehad het.

13’n Mens lewe nie vir altyd nie, ook nie as hy ryk is nie, hy is soos die diere wat sterf.

14Dit is wat gebeur met mense wat dink dat hulle alles het, mense wat graag luister na wat hulle self sê. *Sela*

15Hulle moet ook sterf, soos skape, hulle behoort aan die dood. Hulle gaan dadelik in die graf in, dan sien niemand hulle nie, en hulle het niks.

16Maar God self sal my lewe red van die doderyk, ja, Hy sal my neem om aan Hom te behoort. *Sela*

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Jy moenie bekommerd wees wanneer iemand ryk word en die goed in sy huis baie
word nie,

18want hy sal niks met hom saamneem wanneer hy sterf nie, sy goed sal nie saam
met hom gaan nie.

19Ja, iemand kan dink dat hy gelukkig is terwyl hy lewe, en mense kan hom prys
omdat dit goed gaan met hom.

20Maar hy sal na sy voorvaders toe gaan en nooit weer die lig sien nie.

21As ’n mens ryk is en nie verstandig is nie, dan is hy soos die diere wat sterf.

Psalm 50

Die offer wat jy vir God moet bring

1’n Psalm van Asaf. Dit is God, God die Here, wat praat. Hy roep al die mense op die
aarde, Hy roep hulle van waar die son opkom tot waar die son ondergaan.

2God laat sy lig skyn uit Sion, die mooiste van al die plekke.

3Ons God kom, Hy bly nie stil nie, ’n vuur brand voor Hom, en daar is ’n groot storm
rondom Hom.

4Hy roep na die hemel daarbo en na die aarde, Hy wil sy volk oordeel.

5Hy sê: “Bring bymekaar die mense wat in My glo, die mense wat ’n offer gebring
het en wat met My ’n verbond gemaak het.”

6Almal in die hemel sê dat God reg sal doen aan mense, want Hy is self
die Regter. ***Sela***

7God sê: “My volk Israel, julle moet luister, Ek wil praat. Ek wil getuie wees teen
julle. Ek is God, Ek is julle God.

8Ek wil sê julle doen verkeerd. Hoekom wil Ek dit sê? Sê Ek dit omdat julle offers
bring, of omdat julle aanhou om vir My brand-offers te bring? Nee.

9Ek vra nie bulle uit julle stalle of bokke uit julle krale nie,

10want al die wilde diere in die bos en die diere op duisende berge is Myne.

11Ek ken al die voëls op die berge, en al die baie diertjies in die veld behoort aan My.

12Wanneer Ek honger word, dan sal Ek nie vir julle kos vra nie, want die wêreld en
alles daarop is Myne.

13Ek eet nie die vleis en Ek drink nie die bloed van die bulle en bokke wat julle offer
nie.

© Bible Society of South Africa.

14Nee, die offer wat jy vir God moet bring, is dit: Jy moet vir Hom dankie sê vir alles. En jy moet doen wat jy belowe het aan My, die Hoogste God.

15Jy moet tot My bid wanneer dit sleg gaan. Ek sal jou red, en jy sal My eer."

16Maar God sê vir die mens wat verkeerd doen: "Dink jy dat jy reg doen? Jy sê wat Ek wil hê en jy praat oor die verbond wat Ek met julle gemaak het,

17maar jy haat wat Ek vir jou wil leer en jy doen nie wat Ek sê nie.

18Jy is vriende met elke dief wat jy sien en jy pleeg ook egbreuk wanneer ander mense dit doen.

19Jy wil altyd iets sê wat dit sleg sal laat gaan met iemand anders, jy vertel leuens oor mense.

20Jy sit en praat teen jou eie broer en jy beskuldig hom.

21"Jy het al hierdie dinge gedoen, en toe Ek stilgebly het, het jy gedink Ek is soos jy. Maar nou sê Ek vir jou dat jy verkeerd doen, Ek kyk in jou oë en Ek sê dit reguit vir jou.

22"Julle wat maak of daar nie 'n God is nie, julle moet asseblief luister na wat Ek sê. As julle dit nie doen nie, dan sal Ek word soos 'n leeu wat vir julle doodbyt, en niemand sal julle red nie.

23Die belangrikste offer wat Ek wil hê van die mens wat My eer, is dat hy vir My dankie moet sê vir alles. Jy moet dankie sê vir alles. Wanneer 'n mens reg lewe, dan sal Ek hom laat sien hoe dit is wanneer God hom red."

Psalm 51

Gee vir my 'n nuwe hart

1Vir die leier van die koor. 'n Psalm van Dawid

2 toe hy seks gehad het met Batseba en die profeet Natan na hom toe gekom het.

3O God, U moet genadig wees vir my, want U doen altyd wat U belowe het. U is altyd jammer vir u mense, daarom moet U nie meer daaraan dink dat ek opstandig was teen U nie.

4U moet alles wegneem wat ek verkeerd gedoen het. U moet my reinig en my sonde wegwas soos 'n mens iemand skoon was.

5Ja, ek weet self dat ek opstandig was, ek vergeet nooit my sonde nie.

6Ek het sonde gedoen teen U, net teen U, ek het dinge gedoen waarvan U nie hou nie. Daarom was U reg toe U gesê het dat ek skuldig is, U het nie 'n fout gemaak toe U my ge-oordeel het nie.

© Bible Society of South Africa.

7Ek weet, ek het verkeerd gedoen vandat ek gebore is, ek was ’n sondaar voordat ek gebore is.

8Ek weet, U hou van die waarheid, ook in die donker, U leer vir my wysheid waar niemand dit kan sien nie.

9U moet my reinig van my sonde, soos die priesters dinge reinig met ’n hisop-takkie. U moet my rein maak soos wanneer iemand iets skoon was, so skoon dat dit witter as sneeu is.

10U het my baie swaar laat kry, maar U moet my weer vrolik en bly maak, U moet my weer laat juig.

11U moenie na my sonde kyk nie, U moenie dink aan al die verkeerde dinge wat ek gedoen het nie.

12O God, gee vir my ’n nuwe hart wat rein is, maak my gees in my nuut, sodat ek altyd aan U kan behoort.

13U moenie vir my weggooi nie, U moet altyd by my bly.

14U moet my red sodat ek weer bly kan wees, U moet my help om gehoorsaam te wil wees aan U.

15Ek sal vir mense wat opstandig is, leer hoe om vir U te dien, sondaars sal terugkom na U toe.

16O God, U moet my red sodat mense my nie doodmaak nie. U is die God wat my sal red, ek sal juig wanneer U my red.

17My Here, gee vir my die woorde om U te prys,

18want offers is nie vir U belangrik nie, U hou nie daarvan dat ek net brand-offers gee nie.

19Die offers wat God wil hê, is dat ’n mens jammer moet wees oor sy sonde. O God, U wil hê dat ’n mens sleg moet voel oor sy sonde en jammer wees daaroor.

20U moet besluit om weer goed te doen aan Sion, U moet die mure van Jerusalem weer bou.

21Dan sal U die offers weer geniet wat die mense moet bring, die brand-offers, die diere wat hulle heeltemal offer. Dan sal hulle weer bulle offer op u altaar.

Psalm 52

Ek sal sê God is goed

1Vir die leier van die koor: ’n Lied van Dawid

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 toe die Edomiet Doëg vir Saul gaan sê het dat Dawid na die tempel van Agimelek gekom het.

3Jy wat dink jy is sterk, hoekom spog jy oor die slegte dinge wat jy doen? God doen altyd wat Hy belowe het.

4Jy dink altyd hoe jy ander mense kan laat swaarkry. Jy sê dinge wat mense seermaak, jy probeer almal bedrieg.

5Jy hou meer daarvan om slegte dinge te doen, jy wil nie goeie dinge doen nie. Jy hou meer daarvan om te lieg, jy wil nie die waarheid praat nie. ***Sela***

6Jy hou daarvan om mense te bedrieg, jy wil hê hulle moet verkeerd dink.

7Maar God sal iets doen, Hy sal jou vir altyd breek. Hy sal jou uitruk uit jou woonplek, Hy sal jou laat sterf. ***Sela***

8Die mense wat reg lewe, sal dit sien en hulle sal bang word. Dan sal hulle vir hom lag en sê:

9"Dit is die man wat nie wou hê dat God hom moet beskerm nie, die man wat gedink het al sy baie goed sal hom help."

10Maar ek? Ek is soos 'n groen olyfboom, ek is in die tempel. Ek is seker dat God altyd sal doen wat Hy belowe het.

11O God, ek sal aanhou om vir U dankie te sê vir wat U gedoen het. Ek sal sê U is goed, ek sal dit doen sodat die mense my kan hoor, die mense wat in U glo.

Psalm 53

God help die mense wat reg doen

(Ook Psalm 14)

1Vir die leier van die koor: Die fluite moet speel en julle moet sing. 'n Lied van Dawid.

2Dit is dwase mense wat dink daar is nie 'n God nie. Hulle is slegte mense, hulle doen lelike dinge aan ander mense, nie een van hulle doen goed nie.

3God kyk uit die hemel na die mense om te sien of daar iemand is wat verstandig is, iemand wat vra wat God wil hê.

4Maar hulle het almal sleg geword, hulle het nie op die regte pad geloop nie. Nie een van hulle doen goed nie, nie een nie.

5Besef julle wat sal gebeur met julle wat slegte dinge doen? Julle wat my mense op-eet soos mense brood eet, julle wat nie tot die Here bid nie, besef julle wat sal gebeur?

© Bible Society of South Africa.

6Julle moet besef dat julle groot sal skrik, so groot soos julle nog nooit geskrik het nie, want God sal die vyande van sy volk doodmaak en Hy sal die vyande se bene oral gooi. Hulle sal verloor, want God het hulle gelos.

7Ek bid dat daar uit Sion iemand sal kom wat vir Israel sal red. Wanneer God dit beter laat gaan met sy volk, dan sal die nageslag van Jakob juig, Israel sal feesvier.

Psalm 54

My Here beskerm my lewe

1Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek. 'n Lied van Dawid

2toe die Siffiete vir Saul gaan sê het dat Dawid by hulle wegkruip.

3O God, U self moet my red, U is sterk, U moet vir almal wys dat ek onskuldig is.

4O God, U moet luister na my gebed, U moet doen wat ek vir U vra,

5want mense wat ek nie ken nie, wil my aanval, wrede mense wil hê dat ek moet sterf. Hulle maak of daar nie 'n God is nie.

6Hulle moet weet dat dit God is wat my help, my Here beskerm my lewe.

7Hy sal aan my vyande die slegte dinge doen wat hulle aan my wou doen. O God, U doen altyd wat U self besluit, U moet hulle vir altyd stil laat word.

8Ek sal 'n offer bring wat U nie gevra het nie, ek sal vir U dankie sê, Here, want U is goed.

9Want U het my gered uit elke gevaar, ek het gesien my vyande lê voor my.

Psalm 55

Jy moet vir die Here vra om jou probleme te dra

1Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek. 'n Lied van Dawid.

2O God, U moet luister na my gebed, U moenie maak of U nie hoor dat ek soebat nie.

3U moet luister en my antwoord. Ek is baie bekommerd, ek is bang

4wanneer ek hoor wat my vyande sê, wanneer die mense wat verkeerd doen, my wil laat swaarkry. Want hulle beskuldig my vals, hulle is kwaad en hulle haat my.

5My hart klop baie vinnig, ek is bang dat ek sal sterf.

6Ek het bang geword, baie bang, my hele liggaam bewe.

7Ek het gewens dat ek vlerke kan kry soos 'n duif, dan sal ek wegvlieg en op 'n ander plek gaan woon.

8Ja, ek sal ver wegvlug en in die woestyn gaan bly. *Sela*

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Ek sal gou gaan kyk waar ek kan wegkruip vir die stormwind, die wind wat my wil wegwaai.

10Here, U moet my vyande deurmekaar maak, die een moenie weet wat die ander een sê nie. Want ek sien daar is mense in die stad wat altyd wil slaan en baklei.

11Hulle hou aan, elke dag en nag, hulle loop op die muur om die stad, hulle doen slegte dinge aan die mense in die stad, hulle laat die mense swaarkry.

12Alles in die stad is sleg. Hulle verdruk die mense en lieg vir hulle op die oop stuk grond by die poort.

13Maar dit is nie my vyande wat my vals beskuldig nie. As dit my vyande was, dan sou ek dit verstaan het. Dit is nie die mense wat my altyd gehaat het en wat nou dink hulle is belangriker as ek nie. As dit húlle was, dan sou ek vir hulle weggekruip het.

14Maar dit is jy, ’n man soos ek, jy wat altyd my vriend en my maat was.

15Dit was altyd lekker om met jou te gesels toe ons tussen al die mense by die tempel rondgeloop het.

16Ek bid dat my vyande skielik moet sterf, hulle moet nog lewe wanneer hulle afgaan na die doderyk. Hoekom? Want daar is net slegte dinge in hulle huise en hulle harte.

17Ekself sal roep en vra dat God my moet help, en ek weet dat die Here my sal red.

18Ek kla en sug die hele dag lank, in die aand, in die oggend, in die middag, en die Here hoor wat ek vra.

19Hy red my en Hy gee vir my vrede ná die oorlog, ook wanneer daar baie vyande teen my is.

20God sal hoor en Hy sal hulle verneder, Hy wat Koning is van die begin af. *Sela* Hy sal dit doen, want my vyande wil nie verander nie, hulle wil nie gehoorsaam wees aan God en Hom dien nie.

21Die man wat my maat was, het slegte dinge gedoen teen my, teen my wat sy vriend was, hy het sy ooreenkoms met my gebreek.

22Hy het mooi dinge gesê, sy tong was so glad soos botter, maar daar was oorlog in sy hart. Sy woorde was sagter as olyf-olie, maar hulle was soos swaarde wat wil seermaak.

23Jy moet vir die Here vra om jou probleme te dra, Hy sal jou help. Hy sal ’n mens wat reg lewe, nie laat val en laat bly lê nie.

24O God, U sal my vyande laat sterf, hulle sal moet afgaan na die diepste plek in die doderyk. Hulle wat ander mense vermoor en bedrieg, hulle sal sterf voordat die helfte van hulle lewe verby is. Ek weet dat U sal doen wat U belowe het.

© Bible Society of South Africa.

Psalm 56

Ek weet God sal my help

[1]Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Die duif in die hoë bome.” Van Dawid. ’n Lied, toe die Filistyne hom gevang het in die stad Gat.

[2]O God, wees genadig vir my, want daar is mense wat my jaag, hulle hou aan om oorlog te maak teen my en om my te laat swaarkry.

[3]My vyande hou nie op om my te jaag nie, want daar is baie mense wat oorlog wil maak teen my. Hoogste God,

[4]wanneer ek bang word, dan weet ek U sal my help.

[5]Ek weet God sal my help. Hy het dit belowe, en ek prys Hom. Ek weet God sal my help, ek is nie bang nie. Mense kan niks aan my doen nie.

[6]My vyande hou aan om te sê dat ek verkeerde dinge gesê het, maar ek het nie daardie dinge gesê nie. Hulle maak altyd planne om dit sleg te laat gaan met my.

[7]Hulle wil my aanval, hulle kruip weg en hulle kyk na alles wat ek doen. Hulle hoop hulle kan my laat sterf.

[8]O God, U moet hulle nie vry laat wegkom nie, want hulle het sonde gedoen, U moet kwaad word en U moet hierdie mense straf.

[9]U weet hoe swaar ek kry. As U my trane in u velsak sit, dan sal U sien hoe baie hulle is. U moet dit in u boek skryf.

[10]Wanneer ek roep en vra dat U my moet help, dan sal my vyande omdraai en vlug. Ek weet dit, want God help my teen hulle.

[11]Ek weet, God het dit belowe, en ek prys Hom, ek weet, die Here het dit belowe, en ek prys Hom.

[12]Ek weet dat God my sal help, ek is nie bang nie, mense kan niks sleg aan my doen nie.

[13]O God, ek moet nou doen wat ek belowe het, ek sal dank-offers bring vir U,

[14]want U het my gered van die dood, U het gekeer sodat ek nie val nie. Ek kon aanhou lewe naby God, ek kon lewe in sy lig, dit is die lig wat my laat lewe.

Psalm 57

God sal sy hand uitsteek en my red

[1]Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Moenie verwoes nie.” Van Dawid. ’n Lied, toe hy in die grot vir Saul gevlug het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2O God, U moet genadig wees vir my, U moet genadig wees, want ek kom vra dat U
my moet beskerm. Ek vlug na U toe soos kuikens onder ’n hen se vlerke in vlug totdat
die gevaar verby is.

3Ek roep en ek vra dat God my moet help, Hy is die Hoogste God, die God wat alles
doen vir my.

4Hy sal sy hand uitsteek uit die hemel en Hy sal my red. Hy sal die mense verneder
wat my jaag. *Sela* God sal sy hand uitsteek en Hy sal my red, Hy doen wat Hy
belowe, Hy bly dieselfde.

5Daar is mense rondom my wat soos leeus is, leeus wat ’n mens wil doodbyt. Hulle
tande is soos spiese en hulle tonge is soos skerp swaarde.

6O God, U moet wys dat U die Groot Koning is van die hemel en van die hele aarde.

7My vyande wou my vang soos ’n mens ’n voël in ’n vangnet vang, dit het sleg
gegaan met my. Hulle het ’n gat gegrawe vir my maar hulle het self in die gat geval.

8 O God, ek weet wat ek wil doen. Ek wil sing en musiek maak.

9Ek wil wakker word, ek wil my harp en my lier neem en ek wil sing voordat die son
opkom.

10Ek wil hê al die volke moet hoor wanneer ek vir U dankie sê en vir U sing,

11want U doen oral wat U belowe, ook tot by die hemel. U is oral dieselfde, ook tot
by die wolke.

12O God, U moet vir almal wys dat U die Groot Koning is van die hemel en van die
hele aarde.

Psalm 58

Die Here sal die mense wat verkeerd doen, laat verdwyn

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Moenie verwoes nie.”
Van Dawid. ’n Lied.

2Is dit regtig reg wat julle sê, julle wat oor die mense moet regeer? Is julle regverdig
wanneer julle die mense oordeel?

3Nee, julle dink altyd hoe julle verkeerde dinge kan doen, julle doen slegte dinge aan
mense in die land.

4Mense wat verkeerd doen, mense wat aanhou lieg, doen die verkeerde dinge
vandat hulle gebore is.

5Alles wat hulle sê, is soos ’n slang se gif, soos die gif van ’n giftige slang wat maak of
hy niks hoor nie

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6en wat nie wil luister na die mense wat met slange speel nie, die slim mense wat weet hoe om met slange te praat.

7O God, U moet die mense wat verkeerd doen se tande uit hulle mond uitbreek. Here, hulle is soos leeus met skerp tande, maar U moet hulle tande uitslaan.

8U moet hulle laat verdwyn soos water wat in die grond insak, U moet hulle pyle stukkend trap soos ’n mens droë gras trap.

9U moet hulle laat word soos slakke wat smelt en verdwyn terwyl hulle loop, U moet hulle laat word soos ’n kind wat doodgebore is en wat nooit die son gesien het nie.

10Die Here sal hulle laat verdwyn, vinniger as doringtakke wat brand onder ’n pot, ook die takke wat nog groen is.

11Die mense wat reg doen, sal baie bly wees wanneer hulle sien hoe die Here die mense straf wat verkeerd doen. Dit sal wees soos wanneer iemand sy voete was in die bloed van sy vyande.

12Mense sal sê: “Waarlik, dit sal goed gaan met die mens wat reg doen. Daar is ’n God wat die mense op die aarde reg oordeel.”

Psalm 59

Ek sal sing oor u krag

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Moenie verwoes nie.” Van Dawid. ’n Lied, toe Saul manne gestuur het om by Dawid se huis wag te staan, sodat hulle hom kon doodmaak.

2My God, U moet my red van my vyande, U moet my beskerm teen die mense wat my wil aanval.

3U moet my red van die mense wat slegte dinge doen, U moet my beskerm teen die moordenaars.

4Want U moet dit weet, dit is sterk mense wat vir my wag en wat my wil aanval. Ek het niks verkeerd gedoen nie, ek het nie ’n fout gemaak nie.

5Ek het niks gedoen nie, maar hulle maak vinnig gereed om my aan te val. U moet my kom help, U moet kyk wat hulle doen.

6U, Here, God wat oor alles regeer, God van Israel, U moet nou begin om al die volke te straf, U moenie genadig wees vir verraaiers nie. *Sela*

7Dit is hulle wat elke aand terugkom en soos honde raas en om die stad loop.

8U moet hoor wat hulle alles sê, hulle woorde is so skerp soos swaarde, hulle dink dat U dit nie hoor nie.

9Maar U, Here, U lag vir hulle, U lag vir al die volke.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Dit is die Here wat my sterk maak, ek sal aanhou wag dat Hy my moet help, want by Hom is ek veilig.

11Hy is die God wat vir my sal doen wat Hy belowe het, Hy sal my vyande voor my laat val.

12U moenie vir hulle dadelik doodmaak nie, dan kan my volk onthou dat U my laat wen het. U moet hulle na al die kante toe jaag, U is sterk, U moet hulle op die grond laat val. My Here, U beskerm ons.

13U moet dit doen, want hulle doen sonde wanneer hulle praat. U moet hulle straf, want hulle is hoogmoedig, hulle vervloek mense en hulle lieg.

14U moet wys dat U kwaad is, U moet hulle laat sterf, U moet hulle almal laat sterf. Dan sal almal weet dat dit God is wat regeer oor sy volk Israel en oor die hele aarde. *Sela*

15Dit is hulle wat elke aand terugkom en soos honde raas en om die stad loop.

16Hulle soek iets om te eet, en as hulle nie genoeg kry nie, dan huil en blaf hulle.

17Maar ek? Ek sal sing oor u krag, ek sal elke oggend juig omdat U doen wat U belowe. By U is ek veilig, U beskerm my wanneer dit vir my gevaarlik is.

18Dit is U wat my sterk maak. Ek wil sing vir U, want by U is ek veilig, U is my God, U doen wat U belowe.

Psalm 60

Wanneer God by ons is, dan sal ons sterk wees

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Die blom wat getuig.” ’n Lied van Dawid, om vir mense te leer.

2Dit was toe Dawid oorlog gemaak het teen die Arameërs van die land Mesopotamië en die land Soba, en toe Joab teruggekom het en 12 000 Edomiete doodgemaak het in die Sout-vallei.

3O God, U het ons weggestoot, U het ons gebreek. U was kwaad vir ons. Maar U moet dit weer goed laat gaan met ons.

4U het die aarde laat skud en laat skeur, maar U moet die skeure weer heelmaak, want die aarde sal in stukke breek.

5U het u volk baie swaar laat kry, U het vir ons ’n beker wyn gegee om te drink, dit het ons dronk gemaak.

6U het ’n vlag in die lug gehou vir ons, vir die mense wat vir U dien, U het gesê ons moet wegvlug van ons vyande.

© Bible Society of South Africa.

7 U moet nou u hand optel en ons red, U moet doen wat ons vra, sodat ons, die
mense vir wie U lief is, vry kan word.

8God het in sy tempel gesê: “Ek het die vyande oorwin en Ek sal juig wanneer Ek die
grond van Sigem verdeel en wanneer Ek die Sukkot-vallei meet en vir mense gee.

9Die land Gilead is my land, die land van Manasse is ook Myne. Die land Efraim is vir
My soos die helm op die kop van ’n soldaat. Die land Juda is vir My soos die septer
in die hand van ’n koning.

10Die land Moab is vir My soos ’n skottel waarin iemand sy voete was. Ek neem die
land Edom vir My. Ek skree omdat Ek die Filistyne oorwin het.”

11Wie sal my bring na ’n stad wat sterk mure het, wie sal my na Edom lei?

12O God, U het ons weggestoot, U self het dit gedoen, U gaan nie saam met ons
soldate wanneer hulle oorlog gaan maak nie.

13U moet ons kom help teen die vyande, want ménse kan ons nie help nie.

14Wanneer God by ons is, dan sal ons sterk wees, Hy self sal ons vyande plat trap.

Psalm 61

U moet die koning lank laat lewe

1Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek. Van Dawid.

2O God, U moet luister wanneer ek bid, U moet vir my gee wat ek vra.

3Ek is baie ver van U, maar ek roep en vra dat U my moet help, ek is moedeloos. U
moet my op ’n hoë rots laat staan waar ek veilig sal wees.

4Ek vra dit, want U het my altyd beskerm, U was vir my soos ’n toring waar die
vyande nie by my kan kom nie.

5U moet my altyd by U laat bly, U moet my beskerm soos ’n hen haar kuikens
beskerm onder haar vlerke. *Sela*

6Want U het gehoor dat ek belowe het om offers te bring vir U. U het vir my ook ’n
plek gegee by die mense wat vir U dien.

7U moet die koning lank laat lewe, geslagte lank.

8Hy moet altyd koning bly naby U, o God, U moet doen wat U belowe het, U moet
dieselfde bly en hom altyd beskerm.

9Dan sal ek aanhou om te sing en U te prys en ek sal elke dag die offers bring wat ek
belowe het.

Psalm 62

© Bible Society of South Africa.

Ek kan net by God stil wees

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Jedutun.” ’n Psalm van Dawid.

2Ek kan net by God stil wees, dit is Hý wat my red.

3Net Hy is my rots, Hy red my en beskerm my, my vyande kan my nie oorwin nie.

4My vyande, hoe lank sal julle my nog aanval en my probeer vermoor, julle almal? Ek is soos ’n muur wat amper omval wanneer mense dit wil omstoot, soos ’n klipmuur wanneer hulle dit wil omstamp.

5My vyande wil net een ding doen, hulle wil my verneder. Hulle hou daarvan om te lieg. Hulle sê dat hulle my seën, maar in hulle hart vervloek hulle my.

6Ek kan net by God stil wees, ek wéét Hy sal my help.

7Net Hy is my rots, Hy red my en beskerm my, my vyande kan my nie wen nie.

8Dit is God wat my sal red en wat vir my eer sal gee. Hy is my sterk rots, ek vra dat Hy my moet beskerm.

9My volk, julle moet altyd glo dat God julle sal help, julle moet vir Hom sê hoe julle in julle harte voel. God sal ons beskerm. ***Sela***

10Mense is soos wind, mense beteken niks. Wanneer jy hulle op ’n weegskaal sit, dan sal jy sien hulle weeg niks. Hulle almal saam beteken minder as wind.

11Julle moenie dink dat dit met julle goed sal gaan wanneer julle die goed vat wat julle nie moet kry nie, julle moenie dink dat dit vir julle sal help om ander mense se goed te vat nie. En wanneer julle ryk word, moenie dan dink dat julle alles het wat julle moet hê nie.

12God het een ding gesê, nee, ek het twee dinge gehoor: Hy het gesê dat dit net Hy is wat sterk is,

13en, Here, U het gesê dat U doen wat U belowe het, want U self beloon elke mens vir die dinge wat hy gedoen het.

Psalm 63

U hou my regop

1’n Psalm van Dawid, toe hy in die woestyn van Juda was.

2O God, U is my God, ek wil naby U wees. Ek verlang na U hier in ’n droë land, hier is nie water nie, en alles kry swaar om te lewe.

3Ek het in die tempel na U gekyk, en ek het gesien dat U sterk is en dat U die Koning is. Ek wil dit nou ook weer sien.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4U doen wat U belowe, en dit is beter as die lewe self. Daarom wil ek U prys.

5So sal ek vir U dankie sê so lank soos ek lewe, ek sal my hande uitsteek na U toe en ek sal u Naam sê.

6Dit sal vir my lekker wees, so lekker soos ’n fees-ete, wanneer ek sing en U prys.

7Wanneer ek aan U dink hier op my bed, wanneer ek die hele nag oor U lê en dink,

8dan onthou ek dat U my altyd gehelp het en my beskerm het soos ’n hen haar kuikens beskerm. En dan sing ek weer.

9Ek wil naby U bly, U hou my regop met u sterk hand.

10Maar daardie mense wat wil hê dat dit sleg moet gaan met my, hulle sal sterf en moet afgaan na die diep plekke onder die aarde.

11Hulle sal in ’n oorlog sterf, en die jakkalse sal hulle opvreet.

12Dan sal die koning bly wees dat hy aan God behoort. Elkeen wat iets belowe en sê God is sy getuie, sal vir God prys, want die mense wat lieg, sal moet stilbly.

Psalm 64

U moet my beskerm

1Vir die leier van die koor: ’n Psalm van Dawid.

2O God, U moet luister, ek vra dat U my moet help. Ek is bang vir my vyande, U moet my lewe red.

3Slegte mense maak planne teen my, U moet my beskerm teen hulle, teen die mense wat my haat en slegte dinge doen.

4Die dinge wat hulle sê, is soos skerp swaarde. Hulle woorde is so giftig soos gifpyle.

5Hulle sit op plekke waar niemand hulle sien nie en hulle skiet ’n eerlike mens wat nie dink dat hulle dit sal doen nie. Hulle skiet hom en hulle is nie bang nie.

6Hulle hou aan om slegte dinge te doen, hulle sê vir mekaar hoe hulle ’n vangstrik kan neersit. Hulle dink niemand sien hulle nie

7en niemand kan uitvind watter slegte dinge hulle wil doen nie. Hulle sê: “Ons het planne gemaak, niemand weet daarvan nie. Niemand weet wat ’n mens dink nie.”

8Maar God sal hulle skiet met sy pyl wanneer hulle nie dink dat Hy dit sal doen nie. Hy sal raakskiet.

9Die dinge wat hulle gesê het, sal met hulleself gebeur, en elkeen wat vir hulle kyk, sal skrik en weghardloop.

© Bible Society of South Africa.

10Al die mense sal bang word en hulle sal vertel wat God gedoen het, hulle sal sy
werk verstaan.

11Die mense wat reg doen, sal bly wees omdat hulle aan God behoort, en hulle sal vir
Hom vra om hulle te beskerm. Die mense wat eerlik is, sal Hom prys.

Psalm 65

U sorg vir die aarde

1Vir die leier van die koor: ’n Psalm van Dawid. ’n Lied.

2O God, ons wil stil wees voor U, ons wil U prys in Sion, ons wil doen wat ons vir U
belowe het.

3Dit is U wat luister wanneer mense tot U bid. Al die mense wil na U toe kom

4om te bely dat hulle sondaars is. Ons sondes is vir ons te veel om te dra, dit is U wat
ons sondes moet wegneem.

5Dit gaan goed met iemand wanneer U hom kies en hom laat nader kom om voor
u tempel te staan. Hy sal genoeg kry van al die goeie dinge in u tempel, u gewyde
woonplek.

6Wanneer U reg doen aan ons en vir ons antwoord, dan doen U wonderlike dinge, U,
die God wat ons red. Al die mense weet dat U sal help, al die mense in die verste
plekke op die aarde en ver anderkant die see.

7U is sterk, sterker as alles en almal, U het die berge neergesit op hulle plek.

8Wanneer U praat, dan word die see en sy branders stil, en die volke hou op om te
raas.

9Die wonderwerke wat U doen, laat die mense op die hele aarde bang word. U laat
hulle vrolik sing in die ooste en in die weste.

10U sorg vir die aarde, U gee die reën, U maak die grond baie vrugbaar. ’n Groot
stroom water kom van U en U laat die koring groei, ja, U doen dit alles.

11U laat dit baie reën in die koringlande, daar is baie water waar die mense geploeg
het. U maak die harde stukke grond nat, dit word sag van die reën. U laat die plante
groei.

12U maak dit ’n mooi jaar, alles groei goed, oral waar U gaan.

13Die weivelde is vol gras, die heuwels juig.

14Die veld is vol skape en bokke, die valleie is vol koring, die mense skree, hulle sing.

Psalm 66

© Bible Society of South Africa.

U het dit weer goed laat gaan met ons

1Vir die leier van die koor: ’n Lied, ’n psalm. Al die mense op die aarde, julle moet skree en God prys.

2Julle moet sing oor die Naam van die Koning, julle moet die Koning prys.

3Julle moet vir God sê: Die dinge wat U doen, laat ons bang word. U is baie sterk, u vyande gaan lê voor U.

4Al die mense op die aarde buig en sing vir U, hulle sing oor u Naam. ***Sela***

5Julle moet kom kyk watter wonderwerke God gedoen het. Die dinge wat Hy vir mense gedoen het, laat ’n mens bang word.

6Hy het die see verander, en dit het droë grond geword, sy volk het deur die see geloop. Hulle was daar baie bly oor wat Hy gedoen het.

7God is sterk, Hy regeer altyd, Hy kyk wat die volke doen. Die mense wat opstandig is, moenie dink hulle is sterker as God nie. ***Sela***

8Volke, julle moet ons God prys, almal moet hoor hoe julle Hom prys.

9Hy het ons laat aanhou lewe, Hy het ons voete nie laat gly nie.

10Ja, o God, U het ons getoets soos ’n mens silwer in ’n vuur smelt om dit te toets.

11U het ons in ’n vangnet laat val, U het ons swaar goed laat dra,

12U het mense op ons laat trap, ons het deur vuur en deur water gegaan. Maar U het dit weer goed laat gaan met ons.

13Ek sal na u tempel kom en brand-offers bring, ek sal die dinge doen wat ek belowe het,

14die dinge wat ek gesê het, die dinge wat ek belowe het toe dit sleg gegaan het met my.

15Ek sal vir U brand-offers bring, vet diere, saam met skaap-ramme wat op die altaar brand. Ek sal bulle offer saam met bok-ramme. ***Sela***

16Julle wat vir God dien, julle moet kom luister. Ek wil vertel wat Hy vir my gedoen het.

17Ek het geroep en gevra dat Hy my moet help. Ek het Hom geprys.

18As ek my sonde weggesteek het, dan sou die Here nie gedoen het wat ek gevra het nie.

19Maar God hét geluister, Hy het gedoen wat ek gevra het.

20Nou prys ek vir God. Hy het geluister na my gebed, Hy het gedoen wat Hy belowe het.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Psalm 67

God seën ons

1Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek. ’n Psalm, ’n lied.

2O God, U moet goed wees vir ons en ons seën, U moet na ons toe kom. *Sela*

3Dan sal die mense op die aarde weet wat U wil hê, al die volke sal weet dat U hulle wil red.

4O God, die volke moet U prys, die volke moet U prys, hulle almal moet dit doen.

5Die volke moet bly wees en vrolik sing, want wanneer U die volke oordeel, dan doen U reg aan almal. U lei die volke op die aarde.

6O God, die volke moet U prys, die volke moet U prys, hulle almal moet dit doen.

7Die aarde het koring en vrugte gegee, God, ons God, seën ons.

8God seën ons, en al die mense op die aarde moet Hom eer.

Psalm 68

Julle moet sing oor die krag van God

1Vir die leier van die koor: Van Dawid. ’n Psalm, ’n lied.

2Wanneer God opstaan, dan jaag Hy sy vyande na al die kante toe, dan moet almal vlug wat Hom haat.

3U jaag hulle weg soos rook wat wegwaai. Die mense wat verkeerd doen, sal voor God verdwyn soos iets wat smelt naby ’n vuur.

4Maar die mense wat reg doen, sal bly wees, hulle sal by God wees en hulle sal juig, hulle sal vrolik sing.

5Julle moet sing vir God, julle moet sing oor sy Naam. Julle moet vir Hom ’n pad maak, vir Hom wat deur die droë woestyn ry. Sy Naam is Here, en julle moet vir Hom juig.

6God is in sy gewyde woonplek. Hy is ’n Pa vir weeskinders en ’n Regter wat reg doen aan weduwees.

7God laat die mense wat alleen in die wêreld is, in ’n huis woon. Hy bring gevangenes uit die tronk en Hy laat dit goed gaan met hulle. Maar mense wat opstandig is teen Hom, moet woon op ’n kaal en droë plek.

8O God, toe U begin loop het voor u volk, toe U deur die wilde woestyn geloop het, ***Sela***

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9toe U gekom het, toe het die aarde gebewe, en reën het uit die lug geval. Want God was naby, Sinai-berg was hier, God was naby, Hy, die God van Israel.

10O God, U het oral baie reën laat val, U het u droë land weer laat lewe.

11Die mense wat aan U behoort, het daar gewoon, U was goed, o God, U het gesorg vir die mense wat swaarkry.

12Toe die Here gesê het hulle moet dit doen, het die vroue die goeie nuus gebring: “Baie soldate,

13konings en hulle leërs, het gevlug. Hulle het gevlug.” Die vroue wat by die huis gebly het, verdeel die goed wat hulle mans saamgebring het,

14niemand bly by die skaapkrale nie. Daar is beeldjies van duiwe, mense het hulle oorgetrek met silwer, en hulle vlerke is van goud.

15Toe die Almagtige die konings na al die kante toe gejaag het, het dit gesneeu op Salmon-berg.

16Basan-berg, jy wat ’n groot berg is, Basan-berg, berg wat baie hoë punte het,

17al die berge wat baie hoë punte het, hoekom is julle jaloers op die berg waar God wil woon, die berg waar die Here altyd wil woon?

18God het baie oorlogkarre, twee maal 10 000 en nog baie duisende. Die Here is in hulle. Soos Hy op Sinai-berg was, so is Hy nou in die tempel.

19Toe U opgegaan het teen die hoë berg, het U gevangenes saamgevat. U het presente van die mense geneem, ook van die mense wat opstandig was teen U. U, o Here, o God, het op die berg gaan woon.

20Ons wil die Here prys, Hy dra ons elke dag. Dit is God wat ons red. ***Sela***

21Hy is ons God, die God wat ons altyd help. Die Here red mense sodat hulle nie sterf nie.

22Ja, God sal sy vyande se koppe stukkend slaan, die koppe van die mense wat aanhou sonde doen.

23God het gesê: “Ek sal julle vyande laat terugkom, uit Basan of uit die diep plekke in die see,

24sodat jy met jou voete in hulle bloed kan trap, en jou honde ook van die vyande se bloed kan kry.”

25O God, almal sien hoe U en almal by U na die tempel gaan. Dit is my God, my Koning, wat na die tempel gaan.

26Die mense wat sing, loop voor, die mense wat snaarmusiek maak, loop agter, en die meisies wat tamboeryne skud, loop in die middel.

© Bible Society of South Africa.

[27]Daar is ’n groot vergadering, almal prys God, die nageslag van Israel prys die Here.

[28]Die leiers van Benjamin, die kleinste stam, is daar, hulle loop voor die ander leiers. Daarna kom die leiers van die Juda-stam, dit is baie baie mense. Daarna kom die leiers van die Sebulon-stam en die leiers van die Naftali-stam.

[29-30]Leiers van Israel, julle God het vir julle krag gegee. Dit is die krag van God. O God, U het uit u tempel u krag gebruik om ons te red, U het dit gedoen vir Jerusalem. Konings sal presente bring vir U.

[31]U moet hard raas met Egipte, daardie wilde dier tussen die riete, die volk wat sterker is as ander volke, soos bulle wat sterker is as kalwers, die volk wat trap op die stukke silwer wat ander volke vir hulle bring. U moet die volke na al die kante toe jaag, die volke wat lief is om oorlog te maak.

[32]Hulle moet vir die Here presente bring uit Egipte, die mense van die land Kus moet hulle hande uitsteek en tot God bid.

[33]Mense van al die lande op die aarde, julle moet sing vir God, julle moet die Here prys, ***Sela***

[34]die Here wat deur die hemel ry, die hemel wat van die begin af daar is. Luister, Hy praat, Hy praat hard.

[35]Julle moet sing oor die krag van God, Hy wat Koning oor Israel is, Hy wys sy krag oral, tot in die wolke.

[36]O God, wanneer U uit u tempel kom, dan bewe ons. Ons sê: “Hy is die God van Israel, Hy gee vir ons krag, Hy maak die volk sterk. Ons prys God.”

Psalm 69

Die Here luister wanneer arm mense bid

[1]Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Blomme.” Van Dawid.

[2]O God, U moet my red, want die water het tot by my keel gekom.

[3]Ek het weggesink in diep modder, ek het niks waarop ek kan staan nie. Ek het in diep water gekom, en die watervloed spoel bo-oor my.

[4]Ek is moeg van roep en vra dat U my moet help, my keel brand, my oë het dof geword, want ek hou aan om te wag vir my God.

[5]Die mense wat my haat, is meer as die hare op my kop, maar ek het niks verkeerd gedoen nie. Die mense wat wil hê dat ek moet sterf, is baie. Ek het niks verkeerd gedoen nie, maar hulle is my vyande. Hulle wil hê dat ek iets moet teruggee wat ek nie gesteel het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6O God, U self weet dat ek ’n dwaas is, U weet van alles wat ek gedoen het wat verkeerd is.

7My Here, Here wat oor alles regeer, daar is mense wat in U glo. U moenie dat hulle voel hulle verloor teen hulle vyande oor iets wat ek gedoen het nie. God van Israel, daar is mense wat glo dat U hulle sal help. U moenie dat hulle vyande hulle verneder nie.

8Want dit is oor Ú dat mense my beledig en dat hulle dit sleg laat gaan met my.

9My eie broers ken my nie meer nie, ek is vir hulle soos iemand uit ’n ander land.

10Ek kry swaar omdat ek so lief is vir u tempel. Die mense wat my beledig, is die mense wat vir Ú wil beledig.

11Hulle het my beledig toe ek gehuil en gevas het.

12Hulle het my gespot toe ek rouklere aangetrek het.

13Die mense wat in die poort sit, het gepraat oor my, die dronk mense het liedjies gesing oor my.

14En ek? Here, ek bid dat daar ’n tyd sal kom wanneer U my wil help. U doen altyd wat U belowe het, U moet doen wat ek vra, U moet my red, want U verander nie.

15U moet my red uit die modder sodat ek nie wegsink nie, U moet my red van die mense wat my haat, en U moet my uithaal uit die diep water.

16U moenie dat die watervloed oor my stroom nie, U moenie dat die diep water my insluk en dat die doderyk sy bek toemaak bokant my nie.

17Here, U moet doen wat ek vra, want U is goed en U doen altyd wat U belowe het. U was altyd jammer vir my, U moet kyk hoe dit met my gaan.

18Ek behoort aan U, U moenie wegkyk wanneer dit sleg gaan met my nie, U moet gou maak en doen wat ek vra.

19U moet nader kom na my toe en my vrymaak. Ek het vyande, U moet my red.

20U self weet dat hulle my spot en my verneder en my beledig. U weet wie my vyande is.

21Hulle het aangehou om my te spot, ek voel stukkend en swak. Ek het gedink dat iemand jammer sal wees vir my, maar niemand was jammer nie. Ek het mense gesoek wat my wil help sodat dit beter kan gaan met my, maar ek het niemand gekry nie.

22Toe ek kos gevra het, het hulle vir my gif gegee, toe ek dors was, het hulle vir my asyn gegee om te drink.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23U moet hulle straf daar by hulle offer-etes, U moet hulle en hulle vriende laat val soos voëls in vangnette val.

24U moet hulle blind maak sodat hulle nie kan sien nie. U moet hulle bene lam maak sodat hulle nie kan loop nie.

25Hulle moet weet dat U kwaad is vir hulle, hulle moenie kan weghardloop nie.

26U moet die plek verwoes waar hulle woon, niemand moet daar woon nie.

27Want hulle jaag ’n persoon vir wie U self geslaan het, hulle praat oor die pyn van iemand vir wie U siek gemaak het.

28U moet hulle straf oor alles wat hulle gedoen het wat verkeerd is, U moenie sê hulle is onskuldig nie.

29U moet hulle name uitvee uit die boek van die mense wat van U die lewe sal kry, U moenie hulle name skryf by die name van die mense wat reg doen nie.

30Ek is ’n mens wat myself nie kan beskerm nie, ’n mens wat seergekry het. O God, U moet my red en my beskerm.

31Ek sal sing en die Naam van God prys, ek sal sê Hy is groot en ek sê vir Hom dankie.

32Die Here sal meer daarvan hou as van ’n bul, ’n dier wat horings en kloue het en wat ek offer.

33Julle wat julleself nie kan help nie, julle sal dit sien en julle sal bly wees. Julle wat naby God wil wees, julle sal wéét dat julle lewe.

34Want die Here luister wanneer arm mense bid, sy mense wat gevangenes is, is vir Hom belangrik.

35Almal in die hemel en op die aarde moet Hom prys, almal op die see en alles wat in die see lewe.

36Want God sal vir Sion red en Hy sal die stede van Juda weer bou. Sy mense sal daar woon, en dit sal hulle land wees.

37Die nageslag van sy dienaars sal die land kry, die mense wat lief is vir sy Naam, sal daar woon.

Psalm 70

U moet gou maak en my help

(Ook Ps 40:14-18)

1Vir die leier van die koor: Van Dawid. Om mense te help om te onthou.

2O God, U moet gou maak en my red. Here, U moet gou maak en my help.

© Bible Society of South Africa.

3Daar is mense wat wil hê dat ek moet sterf, maar U moenie vir hulle laat wen nie, hulle moet verloor.

4Daar is mense wat my spot, U moet hulle laat vlug, hulle moet weet dat hulle planne nie sal slaag nie.

5Maar die mense wat naby U wil wees, hulle moet vrolik en bly wees oor U. Die mense wat bly is dat U hulle gered het, hulle moet aanhou sê: “God is groot!”

6En ek? Ek kan myself nie help nie, ek het niks. O God, U moet gou na my toe kom. Net U kan my help en my vrymaak. Here, U moenie wag nie.

Psalm 71

Ek is swak, U moenie vir my los nie

1Here, ek weet U sal my beskerm, U moenie dat ek verloor nie.

2U sal reg doen aan my, U sal my red en my vrymaak. U moet doen wat ek vra, U moet my red.

3U moet vir my wees soos ’n woonplek tussen die rotse waarnatoe ek altyd kan kom wanneer U besluit U wil my red, want net U is my Rots, my veilige plek in die berge.

4My God, U moet my wegneem van die mense wat verkeerd doen, hierdie mense wat sleg en wreed is.

5Ja, my Here, ek weet U sal my help. Here, ek glo in U vandat ek jonk was.

6Vandat ek gebore is, was ek seker dat U my sal help. U was by my vandat ek uitgekom het uit my ma se liggaam. Ek wil aanhou om U te prys.

7Daar is baie mense wat na my kyk, hulle sien dat dit U is wat my beskerm.

8Ek kan nie ophou om U te prys nie, ek praat die hele dag oor U, die Koning.

9Ek is nou oud, U moenie vir my weggooi nie. Ek is swak, U moenie vir my los nie.

10Want my vyande praat oor my, die mense wat wil hê dat ek moet sterf, maak planne teen my.

11Hulle sê: “God het hom gelos, julle moet hom jaag en hom gryp, want daar is niemand wat hom sal red nie.”

12O God, U moenie ver van my wees nie, my God, U moet gou maak en my help.

13U moet hierdie mense wat my beskuldig, laat verloor en laat sterf. Ander mense moet hulle spot en verneder, hierdie mense wat wil hê dat dit sleg moet gaan met my.

14En ek? Ek sal altyd seker wees dat U my sal help, ek sal U meer en meer prys.

© Bible Society of South Africa.

15Ek sal die hele dag vertel dat U reg gedoen het aan my en my gered het, ek weet nie hoeveel maal nie.

16My Here, ek sal kom vertel van die groot dinge wat U gedoen het. Here, ek sal sê dit is net U wat reg gedoen het aan my.

17O God, vandat ek jonk was, het U vir my geleer dat U wonderwerke doen, en ek praat nou nog daaroor.

18Ja, ek is nou oud en my hare is grys, U moenie nou vir my los nie. Ek wil vir die nageslag vertel, vir almal wat later gebore sal word, dat U sterk is en dat U groot dinge gedoen het.

19O God, U doen reg aan almal op die aarde en in die hemel. O God, daar is niemand soos U nie, U wat groot dinge gedoen het.

20Dit is U wat my baie swaar laat kry het, dit het gevoel of ek klaar in die graf is, maar U sal my weer laat lewe, U sal my weer boontoe laat kom uit die diep plekke onder die aarde.

21U moet my weer belangrik laat word, U moet dit weer goed laat gaan met my.

22My God, dan sal ek U ook prys omdat U altyd dieselfde bly. Ek sal op die harp speel, ek sal op die lier speel en vir U sing, vir U, die Heilige God van Israel.

23Ek sal vrolik skree wanneer ek vir U sing, ek wat vry is nadat U my vrygemaak het.

24Dan sal ek ook die hele dag aanhou sê dat U reg gedoen het aan my. Ja, die mense wat dit sleg wil laat gaan met my, het verloor, U het hulle verneder.

Psalm 72

U moet vir die koning leer om reg te regeer

1Van Salomo. O God, U moet vir die koning leer om reg te regeer en om reg te doen soos U.

2Ons bid dat hy reg sal regeer oor u volk, dat hy reg sal oordeel oor mense wat aan U behoort en wat hulleself nie kan help nie.

3Daar moet vrede wees en almal moet reg doen in die hele land, tot op die berge en die heuwels.

4Die koning moet reg doen aan die mense wat hulleself nie kan help nie, hy moet die arm mense red en hy moet die mense straf wat ander mense laat swaarkry.

5O God, die mense moet vir U dien so lank soos die son en die maan daar is, in hierdie geslag en in elke geslag daarna.

© Bible Society of South Africa.

6Die koning moet vir sy mense wees soos reën op grond waar die gras kort is, soos
swaar reën wat die aarde natmaak.

7Dit moet baie goed gaan met elkeen wat reg doen, daar moet vrede wees vir almal
so lank soos die koning lewe, so lank soos die maan daar is.

8Die koning moet regeer van die een see tot by die ander see, van die Eufraat-rivier
tot by die verste plekke op die aarde.

9Die mense wat in die woestyn woon, moet voor die koning kom buig, sy vyande
moet voor hom op die grond kom lê.

10Konings van die land Tarsis en van die eilande moet vir hom presente bring,
konings van die lande Skeba en Seba moet aan hom belasting betaal.

11Al die konings moet voor hom buig, al die volke moet vir hom werk.

12Want die koning sal die arm mense red wat vra dat hy hulle moet help, die mense
wat hulleself nie kan help nie en vir wie niemand wil help nie.

13Hy sal jammer wees vir die arm mense, die mense wat niks het nie, hy sal die
lewens van die arm mense red.

14Hy sal hulle wegneem van die mense wat hulle seermaak en hulle laat swaarkry.
Die arm mense se lewens is vir die koning kosbaar, niemand mag hulle doodmaak
nie.

15Die koning moet lank lewe. Mense moet vir hom goud bring uit Skeba, hulle moet
aanhou bid vir hom, hulle moet die hele dag bid en vra dat dit goed sal gaan met
hom.

16Daar moet baie koring in die land wees, dit moet oral groei, tot bo-op die berge, dit
moet groei soos die plante op die Libanon-berg. Daar moet baie mense in die stede
wees, so baie soos die gras in die veld.

17Mense moet die koning altyd onthou, hulle moet sy naam onthou so lank soos daar
’n son is. Al die volke moet weet en sê dat dit goed gaan met hulle omdat die koning
daar is, en hulle moet bid dat hy gelukkig sal wees.

18Ons prys God, die Here, die God van Israel. Net Hy doen wonderlike dinge.

19Ons prys die Naam van die Here, die Koning. Die hele aarde moet weet Hy is
Koning. Amen, ja amen.

20Die gebede van Dawid seun van Isai hou hier op.

Psalm 73

Dit is vir my goed om naby God te wees

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]’n Psalm van Asaf. God is goed vir Israel, dit is seker, Hy is goed vir mense wat aan Hom behoort.

[2]En ek? Ek het amper geval, my voete het amper gegly,

[3]want ek het gesien dit gaan goed met hoogmoedige mense, die mense wat verkeerd doen, en ek was jaloers op hulle.

[4]Want hulle is nie bang vir die dood nie, hulle is vet en gesond.

[5]Hulle kry nie swaar soos ander mense nie, niks wat sleg is, gebeur met hulle nie.

[6]Daarom is hulle so hoogmoedig en is hulle altyd gereed om ander mense seer te maak.

[7]Hulle is baie vet, dit lyk of hulle oë wil uitval, hulle dink hulle kan enige iets doen.

[8]Hulle spot en hulle praat oor hoe hulle slegte dinge kan doen, hulle is hoogmoedig en hulle praat oor hoe hulle ander mense kan laat swaarkry.

[9]Hulle praat teen almal in die hemel, hulle sê enige iets wat hulle wil sê oor ander mense.

[10]Daarom kom luister mense graag na alles wat hierdie mense sê.

[11]Die mense wat verkeerd doen, dink dat God nie weet wat hulle doen nie, hulle dink die Hoogste God weet niks.

[12]Kyk hoe is die mense wat verkeerd doen, hulle is oor niks bekommerd nie en hulle word ryk.

[13]Waarlik, ek het rein gebly en ek het niks gedoen wat verkeerd is nie, maar dit het my niks gehelp nie.

[14]Ek het aangehou swaarkry, God het my elke dag gestraf.

[15]Maar as ek gedink en gepraat het soos die mense wat verkeerd doen, dan was ek nie meer een van die mense wat aan God behoort nie, dit weet ek.

[16]Ek het gedink en ek het dit probeer verstaan, maar dit was moeilik vir my.

[17]En toe het ek in die tempel van God gekom en ek het verstaan wat gebeur met die mense wat verkeerd doen.

[18]Waarlik, U laat hulle op gladde plekke loop, U laat hulle val, daar bly niks oor van hulle nie.

[19]Skielik is hulle niks, hulle is baie bang en hulle sterf.

[20]Dit gaan met hulle soos met ’n droom, dit is weg wanneer jy wakker word. Here, U laat hulle verdwyn wanneer U dit besluit.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Toe ek ongelukkig en hartseer gevoel het,

22was ek dom, ek het niks verstaan nie, ek was soos ’n dier by U.

23Maar ek is altyd by U, U hou my hand vas.

24U leer vir my wat om te doen en U lei my, en eendag sal U my na U toe neem, U wat Koning is.

25Ek behoort aan U, en daar is niks anders wat ek wil hê in die hemel of op die aarde nie.

26Wanneer my liggaam en my gees swak is, dan is dit U, o God, wat my Rots is, U wat alles is wat ek wil hê.

27Dit weet ek, elkeen wat ver van U is, sal sterf, U laat elkeen verdwyn wat ontrou is aan U.

28Maar ek, dit is vir my goed om naby God te wees, Here, my Here, ek weet U sal my beskerm. Ek sal vir almal vertel wat U doen.

Psalm 74

Wil U altyd kwaad bly vir ons?

1’n Lied van Asaf. O God, hoekom het U ons weggegooi? Wil U altyd kwaad bly vir ons, vir ons wat u eie volk is?

2U moenie die mense vergeet wat bymekaarkom om U te dien nie, die mense wat U lank gelede vir U geneem het. U het hulle vrygemaak om die volk te wees wat aan U behoort. U moenie die Sionsberg vergeet nie, die plek waar U woon.

3U moet kom kyk na die hope klippe wat so lank hier lê. Die vyande het alles in die tempel verwoes.

4U vyande het soos leeus gebrul binne-in die plek waar U aan die volk verskyn het wat aan U behoort. Hulle het hulle vlae daar kom neersit om te wys dat hulle gewen het.

5Dit het gelyk soos wanneer mense bosse afkap met byle,

6hulle het die mooi houtwerk in die tempel stukkend geslaan met byle en ysters.

7Hulle het u tempel afgebrand, hulle het die plek waar U self gewoon het, afgebreek tot op die grond en hulle het dit ontwy.

8Hulle wou ons heeltemal breek, hulle het elke plek in die land afgebreek waar God aan mense verskyn het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9U het altyd vir ons gesê wat U wil doen, maar U sê dit nie meer vir ons nie. Daar was profete, maar nou is daar nie een nie, daar is niemand by ons wat weet hoe lank dit nog so sal aanhou nie.

10O God, hoe lank sal die vyande nog aanhou spot? Hoe lank sal hulle nog aanhou om u Naam te laster? Vir altyd?

11Hoekom steek U nie u hand uit en help ons nie? Hoekom maak U nie die vyande dood nie?

12God is my Koning van lank gelede af, dit is Hý wat mense op die aarde red.

13O God, dit is U wat sterk is, U het die see in twee gebreek. U het die koppe van die watermonsters in die water stukkend geslaan.

14Dit is U wat die koppe van die watermonster Leviatan stukkend getrap het en wat hom vir die haaie gegee het om op te vreet.

15Dit is U wat fonteine en riviere laat vloei het, dit is U wat riviere laat droog word het waar daar altyd water was.

16Die dag en ook die nag behoort aan U. Dit is U wat die son en die maan op hulle plekke gesit het.

17Dit is U wat gesê het waar die grense van die land moet wees. U het die somer en die winter gemaak.

18Here, U moenie vergeet hoe die vyande U beledig het nie, hulle is dwase mense en hulle sê u Naam is nie belangrik nie.

19U moenie dat hierdie mense aanhou wen teen u volk nie, hierdie mense wat soos wilde diere is. U moenie u volk wat swak is, vir altyd vergeet nie, u volk wat homself nie kan help nie.

20U moet onthou dat U ’n verbond met ons gemaak het, want in elke donker plek in die land maak hulle die mense seer wat aan U behoort.

21U moenie die mense laat verloor wat hulleself nie kan beskerm nie. Die mense wat hulleself nie kan help nie en wat niks het nie, wil u Naam prys.

22O God, U moet kom help, U moet Uself verdedig, want dwase mense hou aan om U te beskuldig en te beledig.

23U moenie vergeet wat u vyande gesê het nie, U moenie vergeet hoe die mense wat teen U opstandig is, aangehou skree en raas het nie.

Psalm 75

Dit is God wat oordeel

© Bible Society of South Africa.

[1]Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Moenie verwoes nie.”
’n Psalm van Asaf. ’n Lied.

[2]O God, ons sê vir U dankie, ons sê dankie. U is naby ons, almal praat oor u wonderwerke.

[3]God het gesê: “Wanneer die tyd kom, die tyd wat Ek besluit het, dan sal Ek reg oordeel.

[4]Wanneer die aarde en alles op die aarde wegsmelt, dan is dit Ék wat die pilare van die aarde vas laat staan. *Sela*

[5]Ek het vir die hoogmoedige mense gesê, vir die mense wat verkeerd doen: ‘Julle moenie hoogmoedig wees nie, julle moenie dink julle is sterk nie,

[6]julle moenie dink julle is baie sterk en julle kan enige iets sê wat julle wil sê nie.’ ”

[7]Want niemand kan ’n mens belangrik maak nie, niemand in die ooste of die weste, of in die woestyn nie.

[8]Dit is God wat oordeel. Hy wys vir party mense dat hulle nie belangrik is nie en Hy maak ander mense belangrik.

[9]Ja, daar is ’n beker in die hand van die Here, en in die beker is wyn wat skuim en daar is baie sterk kruie daarin. Die Here skink die wyn vir die mense wat verkeerd doen, en hulle sal almal daarvan drink, hulle sal die beker heeltemal leeg drink, ook die stukkies wat afsak en onder in die beker lê.

[10]Ekself sal aanhou praat oor die God van Jakob, ek sal vir Hom sing.

[11]Hy het gesê: “Ek sal vir almal wys dat die mense wat verkeerd doen, nie belangrik is nie, en Ek sal wys dat die mense wat reg doen, die belangrike mense is.”

Psalm 76

Die konings van die aarde moet vir God eer

[1]Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek. ’n Psalm van Asaf. ’n Lied.

[2]Die mense van Juda ken vir God, die mense van Israel ken Hom.

[3]Jerusalem is God se woonplek, Sion is die plek waar Hy graag wil wees.

[4]Daar het Hy die vyande se brandpyle gebreek en ook hulle skilde en swaarde. Daar het Hy die oorlog laat ophou. ***Sela***

[5]U het soos ’n koning teruggekom nadat U die vyande oorwin het op die berge.

[6]U het alles gevat wat die dapper manne van die vyand gehad het, hulle het gesterf, hulle kon nie veg nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Toe die God van Jakob gepraat het, kon die soldate op perde en oorlogkarre niks doen nie.

8U, o God, almal is bang vir U. Wanneer U kwaad is, dan kan niemand voor U staan nie.

9Toe U uit die hemel praat en reg doen aan mense, het die mense op die aarde bang geword en stilgebly.

10Dit was toe God begin het om te oordeel en om al die mense op die aarde te red wat hulleself nie kan help nie. ***Sela***

11Mense het kwaad geword vir U, maar ook húlle moes U prys, hulle moes vir U dien, almal wat kwaad was vir U.

12Julle moet vir julle God die Here die offers bring wat julle belowe het. Die mense rondom die tempel moet presente bring vir God. Hy is die God vir wie almal moet eer.

13Hy verneder leiers wat hoogmoedig was, die konings van die aarde moet Hom eer.

Psalm 77

Wil die Here ons vir altyd los?

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Jedutun.” Van Asaf. ’n Psalm.

2Ek roep hard na God, ek vra dat Hy my moet help, ek roep hard na God sodat Hy my kan hoor.

3Dit gaan sleg met my, ek wil hê die Here moet by my wees. Ek steek my hand uit en ek bid, ek hou die hele nag aan, maar niks verander vir my nie.

4Wanneer ek aan God dink, dan sug en kla ek, wanneer ek begin dink, dan word ek moedeloos. *Sela*

5U laat my wakker bly, ek is bekommerd, ek kan nie praat nie.

6Wanneer ek dink aan die tyd wat verby is, aan die jare lank gelede,

7wanneer ek in die nag op my lier speel, dan dink ek diep in my hart en ek vra vir myself:

8Wil die Here ons vir altyd los, wil Hy nooit weer goed wees vir ons nie?

9Het Hy heeltemal vergeet wat Hy vir ons belowe het? Sal Hy nooit weer met ons praat nie?

10Wil God nie meer genadig wees nie? Of is Hy so kwaad dat Hy nie weer jammer kan wees vir ons nie? *Sela*

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11 En dan sê ek: Daar is iets wat my ongelukkig maak, dit is dat die Hoogste God nie
meer doen wat Hy voorheen gedoen het nie.

12 Ek dink aan wat die Here gedoen het, die wonderlike dinge wat U gedoen het, lank
gelede,

13 ek dink aan alles wat U gedoen het, die groot dinge wat U gedoen het.

14 O God, U het gedoen wat net U kan doen. Daar is nie ’n ander God wat so groot is
soos U nie, o God.

15 Dit is U, o God, wat ’n wonderwerk gedoen het en vir die volke gewys het dat U
sterk is.

16 U het u volk vrygemaak, die nageslag van Jakob en die nageslag van Josef, U het
gewys dat U baie sterk is. *Sela*

17 O God, toe die water vir U sien, toe die water vir U sien, toe het die water gebewe.
Die diep water was baie bang.

18 Daar het reën geval uit die wolke, daar was donderweer in die lug, u weerlig het
oral geblits.

19 U het die donderweer laat raas, die weerlig het dit lig gemaak in die wêreld, die
aarde het geskud en gebewe.

20 U het deur die see gekom, U het deur die baie water gestap, niemand het u spore
gesien nie.

21 U het u volk gelei soos ’n herder sy skape en bokke lei, U het vir Moses en Aäron
gestuur om dit te doen.

Psalm 78

God het die Juda-stam gekies

1 ’n Lied. Van Asaf. My volk, julle moet luister na wat ek vir julle leer, julle moet goed
luister na wat ek vir julle sê.

2 Ek wil dit doen soos wyse mense dit doen, ek wil praat oor dinge waarvan julle nie
weet nie, dinge wat lank gelede gebeur het.

3 Ons het dit gehoor en ons weet dit, ons voorvaders het dit vir ons vertel.

4 Ons wil dit nie wegsteek vir hulle nageslag nie, ons wil aanhou om vir die
volgende geslag te vertel hoekom hulle die Here moet prys. Ons wil vertel van die
Here se krag en van die wonderwerke wat Hy gedoen het.

5 Hy het vir die nageslag van Jakob, vir Israel, gesê wat Hy wil hê, wat hulle moet
doen. Hy het vir ons voorvaders gesê hulle moet dit vir hulle kinders leer.

© Bible Society of South Africa.

6Elke volgende geslag moet weet wat die Here wil hê, elke kind wat gebore sal word, en hulle moet dit ook vir hulle kinders leer.

7Hulle moet glo dat God hulle sal help. Hulle moenie vergeet wat Hy gedoen het nie en hulle moet doen wat Hy gesê het.

8Hulle moenie soos hulle voorvaders wees nie, want hulle voorvaders was hardkoppig en opstandig, hulle het nie aangehou om in God te glo nie, hulle was ontrou aan Hom.

9Die mense van Efraim kon met pyl en boog veg maar hulle het gevlug toe die oorlog begin.

10Hulle het nie gedoen wat die verbond van God sê nie, hulle wou nie lewe soos Hy wil hê nie.

11Hulle het vergeet wat God gedoen het, hulle het die wonderwerke vergeet wat Hy vir hulle gewys het.

12Hulle voorvaders het gesien toe God ’n wonderwerk doen in die land Egipte, die land waar die stad Soan is.

13Hy het ’n pad deur die see gemaak en Hy het hulle laat deurloop, die water het soos ’n muur gestaan.

14God het sy volk in die dag gelei met ’n wolk en elke nag het Hy hulle met die lig van ’n vuur gelei.

15God het rotse oopgebreek in die woestyn en Hy het sy volk laat drink van die water diep onder die aarde.

16Hy het strome water uit klip laat kom, die water het gevloei soos riviere.

17Maar die mense van Efraim het aangehou om sonde te doen teen God, hulle was opstandig teen die Hoogste God in die land waar daar nie water is nie.

18Hulle het God getoets en hulle het die kos gevra waarvoor hulle lus was.

19Hulle het teen God gepraat, hulle het gevra: “Kan God in die woestyn vir ons kos gee om te eet?

20Dit is waar, Hy het ’n rots geslaan, en daar het water uitgestroom, daar het riviere gevloei. Maar kan God ook brood gee, of kan hy vir sy volk vleis bring?”

21Daarom, toe die Here dit hoor, het Hy kwaad geword. Dit was soos ’n vuur wat gebrand het teen die nageslag van Jakob, teen Israel.

22God was kwaad omdat hulle nie geglo het dat Hy sal doen wat Hy belowe het nie, hulle het nie geglo dat Hy hulle sal red nie.

23Hy het wolke van bo af gestuur en Hy het die deure van die hemeldak oopgemaak.

© Bible Society of South Africa.

24Hy het manna op hulle laat reën sodat hulle dit kon eet. Hy het vir hulle brood uit die hemel gegee.

25Mense het brood van engele geëet, God het vir hulle kos gestuur, meer as genoeg.

26Hy wat sterk is, het die wind laat waai uit die ooste en uit die suide.

27Hy het vleis op hulle laat reën, dit was voëls, so baie soos stof, so baie soos die sand by die see.

28Die voëls het binne-in die kamp geval, rondom hulle tente.

29Hulle het geëet en meer as genoeg gekry, God het vir hulle die kos gebring waarvoor hulle lus was.

30Maar hulle wou aanhou en aanhou eet. Die kos was nog in hulle mond,

31toe het God kwaad geword vir hulle. Hy het van hulle vetste manne begin doodmaak, Hy het die jongmanne van Israel laat sterf.

32God het dit alles gedoen, maar hulle het aangehou om sonde te doen, hulle het nie geglo dat dit Hý is wat die wonderwerke gedoen het nie.

33God het hulle laat sterf. Hulle lewens het niks beteken nie, dit was soos wind, hulle was elke dag bekommerd en bang.

34Elke maal wanneer God party mense laat sterf het, dan het die ander mense na Hom toe teruggekom en gesê dat hulle jammer is en dat hulle wil doen wat Hy wil hê.

35Hulle het dan gesê dit is God wat hulle Rots is, dit is die Hoogste God wat hulle kan vrymaak.

36Maar hulle wou Hom bedrieg, hulle het dinge gesê, maar hulle was vals.

37Hulle het nie regtig in God geglo nie, hulle het nie gedoen wat Hy gesê het toe Hy ’n verbond met hulle gemaak het nie.

38En God? Hy was genadig, Hy het hulle sonde vergewe, Hy het hulle nie almal laat sterf nie. Hy het baie maal weer goed geword vir hulle, Hy het nie vir hulle kwaad gebly nie.

39Hy het onthou dat hulle mense is, hulle is soos wind wat verbywaai en dan is dit weg.

40Hulle was baie maal opstandig teen Hom, hulle het Hom hartseer gemaak daar in die woestyn, die wilde plek.

41Hulle het God elke maal weer getoets, hulle het die Heilige God van Israel hartseer gemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

42Hulle wou nie onthou wat Hy gedoen het nie, daardie tyd toe hulle swaargekry het
en toe Hy hulle gered het,

43daardie tyd toe Hy in Egipte tekens en wonderwerke gedoen het, daar in die land
waar die stad Soan is.

44Hy het die riviere, die waterstrome, verander, en dit het bloed geword sodat die
Egiptenaars dit nie kon drink nie.

45Hy het steekvlieë gestuur wat hulle gebyt het en paddas wat hulle land verwoes
het.

46Hy het hulle plante vir die sprinkane gegee, die sprinkane het alles op hulle
koringlande en in hulle tuine opgevreet.

47Hy het hael gestuur om hulle wingerde stukkend te slaan en Hy het ryp gestuur
om hulle vyebome te laat doodgaan.

48Hy het hael en weerlig gestuur om hulle beeste en hulle skape en bokke dood te
slaan.

49God het hulle laat voel hoe kwaad Hy is, Hy wou hulle baie swaar laat kry, Hy het
vir hulle boodskappers gestuur om te sê dat mense sal sterf.

50Hy was kwaad, baie kwaad, en Hy het dit vir hulle gewys. Hy het nie hulle lewe
gespaar nie, Hy het hulle laat sterf van pes.

51Hy het die oudste seun van elke familie van die Egiptenaars laat sterf in Egipte, in
die woonplek van die nageslag van Gam.

52Maar Hy het sy eie volk weggelei soos ’n herder sy skape en bokke weglei. Hy het
hulle deur die woestyn gelei

53en Hy het hulle gebring waar hulle veilig kan wees en nie bang nie. Maar hulle
vyande het in die see verdrink.

54God het sy volk gebring na sy gewyde land, na die berg wat Hy geneem het om aan
Hom te behoort.

55Hy het ander volke uit hulle lande weggejaag sodat sy eie volk daar kon woon. Hy
het hulle lande vir die stamme van Israel gegee en Hy het hulle laat woon in daardie
volke se woonplek.

56Maar die Hoogste God se volk het Hom getoets, hulle was opstandig teen Hom,
hulle het nie gedoen wat Hy vir hulle gesê het nie.

57Hulle het weggegaan van Hom, hulle was ontrou soos hulle voorvaders. Hulle was
soos ’n boog wat skeef was en nie reg kon skiet nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

58Hulle het God kwaad gemaak, want hulle het offer-plekke gebou, hulle het Hom baie kwaad gemaak, want hulle het beelde aanbid.

59God het geweet wat hulle doen en Hy het baie kwaad geword, Hy het die Israeliete heeltemal gelos.

60Hy het die tempel in Silo gelos, die plek waar Hy tussen mense gewoon het.

61Hy het nie gekeer toe die vyande sy verbondskis vat nie, die kis waar Hy, die sterk Koning, aan sy mense verskyn het.

62Hy het sy volk laat sterf in oorlog, Hy was kwaad vir die mense van sy eie land.

63Hulle jongmanne het verbrand, en daar was niemand met wie hulle jongmeisies kon trou nie.

64Hulle priesters het in die oorlog gesterf, en daar was nie tyd vir die weduwees om te rou nie.

65Maar toe het die Here wakker geword soos iemand wakker word nadat hy geslaap het, soos iemand wat weer reg word nadat hy te veel wyn gedrink het.

66Hy het sy vyande hard geslaan, Hy het hulle vir altyd verneder.

67Hy het die tempel gelos wat by die Josef-stam was, Hy het nie weer die Efraim-stam gekies nie.

68Hy het die Juda-stam gekies, die Sionsberg waarvoor Hy lief geword het.

69Hy het sy tempel daar gebou, dit was hoog en vas soos die hemel en die aarde wat Hy vir altyd vas laat staan.

70Hy het sy dienaar Dawid gekies en hom weggeneem van die skaapkrale,

71Hy het hom van die lammer-ooie weggeneem om die herder te wees van sy volk, die nageslag van Jakob, Israel.

72Dawid het goed regeer oor hulle, hy was ’n wyse koning.

Psalm 79

U moet ons red en U moet ons sondes vergewe

1’n Psalm van Asaf. O God, heidene het gekom in die plek wat aan U behoort, hulle het u gewyde tempel ontwy, hulle het Jerusalem verwoes, en daar is nou net hope klippe.

2Hulle het die lyke van u dienaars, die liggame van die mense wat in U glo, vir die voëls en die wilde diere gegee om te vreet.

3Hulle het u dienaars se bloed soos water laat vloei rondom Jerusalem, en daar was niemand wat hulle begrawe het nie.

© Bible Society of South Africa.

4Ons bure beledig ons, die mense rondom ons lag vir ons en spot ons.

5Here, hoe lank moet dit aanhou? Wil U altyd kwaad bly vir ons? Moet dit aanhou om ons te brand soos ’n vuur?

6Dit is die heidene vir wie U kwaad moet wees, die mense wat nie vir U ken nie en wat nie tot U bid nie.

7Want hulle het die nageslag van Jakob doodgemaak en hulle woonplek verwoes.

8U moenie vir ons straf oor die sondes wat ons voorvaders gedoen het nie. U moet gou weer goed wees vir ons, want dit gaan baie sleg met ons.

9O God, U wat ons elke maal gered het, U moet ons help, sodat almal sal weet dat U God is. U moet ons red en U moet ons sondes vergewe, sodat almal sal weet wie U is.

10Die heidene vra: “Waar is hulle God?” U moet die heidene straf, ons wil sien hoe die heidene voel wanneer U hulle straf omdat hulle u dienaars doodgemaak het en hulle bloed laat vloei het.

11U moet luister hoe kla en sug die gevangenes, U moet die mense wat naby die dood is, laat aanhou lewe. U is sterk, U kan dit doen.

12Here, U moet aanhou om ons bure te straf omdat hulle U beledig het.

13Dan sal ons, u volk, u eie mense, altyd aanhou om vir U dankie te sê. Ons sal vir elke geslag vertel hoekom hulle U moet prys.

Psalm 80

U moet genadig wees en ons red

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied “Blomme.” Asaf getuig. ’n Psalm.

2O Herder van Israel, U moet luister. U wat die nageslag van Josef lei soos ’n herder sy skape en bokke lei, u troon is bokant die gerubs, U moet wys wie U is.

3U moet dit wys vir die stamme Efraim, Benjamin en Manasse. U moet wys dat U sterk is, U moet ons kom red.

4O God, U moet dit weer goed laat gaan met ons, U moet genadig wees en ons red.

5Here, God wat oor alles regeer, hoe lank sal U kwaad bly en nie luister wanneer u volk bid nie?

6U het ons baie swaar laat kry. Ons huil en treur die hele dag, ons trane hou nie op om te val nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7U laat ons bure met mekaar stry oor wie ons land moet vat, ons vyande lag oor wat
met ons gebeur.

8O God, U wat oor alles regeer, U moet dit weer goed laat gaan met ons, U moet
genadig wees en U moet ons red.

9U het ’n wingerdstok uit Egipte geneem, U het volke uit hulle woonplek gejaag en U
het die wingerdstok daar geplant.

10U het ’n plek gereedgemaak vir die wingerdstok en dit het gegroei, oor die hele
land tot by die see.

11Die berge was in die wingerdstok se skaduwee, sy ranke was bo-oor die hoë
sederbome.

12Sy ranke het gegaan tot by die see, tot by die Eufraat-rivier.

13Hoekom het U die muur afgebreek wat rondom die wingerdstok was? Elkeen wat
op die pad verbykom, kon toe van sy druiwe pluk.

14Die bosvarke trap die wingerdstok plat, die diere vreet dit op.

15O God, U wat oor alles regeer, U moet asseblief afkyk uit die hemel en weer goed
wees vir hierdie wingerdstok.

16U self het die wingerdstok geplant, U het hom sterk laat word.

17Die vyande het die wingerdstok verbrand, hulle het dit afgekap. U moet vir hulle
wys dat U kwaad is, U moet hulle laat verdwyn.

18Maar U moet die volk beskerm wat U vir Uself gekies het, hulle is die wingerdstok,
en U het die wingerdstok sterk laat word.

19Dan sal ons nie weer van U weggaan nie. As U ons laat lewe, dan sal ons U aanhou
prys.

20Here, God wat oor alles regeer, U moet weer goed wees vir ons, U moet genadig
wees en ons red.

Psalm 81

My volk het nie na My geluister nie

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied oor die parskuip. Van
Asaf.

2Julle moet juig, julle moet skree vir die God wat ons beskerm, vir die God van
Jakob.

3Julle moet musiek maak en op tamboeryne slaan, julle moet mooi musiek maak
met liere en harpe.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Julle moet die ramshoring blaas op Nuwemaan-dag, en ook wanneer dit volmaan is, die dag wanneer ons feesvier.

5Want dit is ’n wet vir die mense van Israel, die God van Jakob het dit besluit,

6Hy het dit vir die nageslag van Josef gesê toe hulle uit Egipte gekom het. Ek het ’n stem hoor praat wat ek nie ken nie.

7Die stem het gesê: “Julle moes swaar goed dra, maar Ek het dit afgehaal van julle skouers, julle kon die mandjies neersit.

8Julle het geskree toe dit sleg gegaan het met julle, en Ek het julle gered. ’n Donker wolk het My toegemaak, en Ek het gedoen wat julle gevra het. Ek het julle getoets by die Meriba-water. *Sela*

9“My volk, julle moet luister wanneer Ek julle waarsku. Ek wens Israel wil luister na My.

10Julle moenie ander gode by julle hê nie, julle moenie buig vir die gode van ander volke nie.

11Dit is Ek, julle God die Here wat vir julle uit die land Egipte gebring het. Ek sal vir julle alles gee wat julle nodig het om te lewe.

12“Maar my volk het nie geluister na My nie, Israel wou My nie hê nie.

13Hulle was hardkoppig en Ek het hulle gelos en hulle het gedoen wat hulle self besluit het.

14As my volk Israel na My geluister het, as hulle gelewe het soos Ek wil hê,

15dan sou Ek hulle vyande gou oorwin het en gestraf het.

16Die mense wat My haat, sou voor my volk moes kom kruip, Ek sou nie opgehou het om hulle te straf nie.

17Maar Ek sou julle laat eet het van die beste koring, ek sou vir julle heuning uit die rotse gegee het, meer as genoeg.”

Psalm 82

U moet self die mense van die aarde oordeel

1’n Psalm. Van Asaf. God het op sy troon gaan sit in die vergadering van die gode, Hy, die Regter, het vir die gode gesê wat Hy besluit het.

2Hy het gesê: “Hoe lank wil julle nog onregverdig oordeel en sê die mense wat verkeerd doen, is nie verkeerd nie? ***Sela***

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Julle moet reg doen aan arm mense en aan mense wat niemand het wat hulle kan help nie. Julle moet sê wanneer iemand reg is, ook iemand wat homself nie kan help nie, of iemand wat niks het nie.

4Julle moet mense vrymaak wat arm is en niks het nie, julle moet hulle red van mense wat verkeerd doen.

5"Maar julle weet niks, julle verstaan niks, julle doen net slegte dinge, dinge van die donker, en daarom word almal in die wêreld slegter.

6Ek het gesê julle is gode, julle is almal engele van die Hoogste God.

7Maar nou sê Ek: Julle sal sterwe soos mense, julle sal doodgaan soos die mense wat regeer."

8O God, U moet self die mense van die aarde oordeel, want al die volke behoort aan U.

Psalm 83

Die vyande moet besef dat U die Hoogste God is

1'n Lied. 'n Psalm. Van Asaf.

2O God, U moenie stilbly nie, U moenie maak of U niks hoor nie, U moet iets doen.

3Want luister, u vyande raas, die volke wat nie vir U wil dien nie, dink hulle kan doen wat hulle wil.

4Hulle maak slim planne teen u volk, hulle praat oor wat hulle wil doen teen die mense vir wie U beskerm.

5Hulle sê: "Kom ons maak hulle almal dood sodat hulle nie meer 'n volk is nie en sodat niemand die naam Israel sal onthou nie."

6Ja, hulle besluit almal saam oor hulle planne, hulle maak 'n ooreenkoms, en die planne wat hulle maak, is teen U.

7Die vyande is die Edomiete, die Ismaeliete, die mense van Moab en die Hagreërs,

8die mense van Gebal en Ammon en Amalek, die Filistyne saam met die mense wat in Tirus woon.

9Die mense van Assirië is ook saam met hulle, hulle help die kinders van Lot en maak hulle sterk. *Sela*

10 U moet met hulle doen soos U met die Midianiete gedoen het, soos met Sisera, soos met Jabin by die Kison-rivier.

11Hulle het gesterf by En-Dor, hulle lyke het op die grond gelê en vrot.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12U moet met hulle leiers doen soos U gedoen het met Oreb en Seëb. U moet al hulle leiers laat sterf soos Sebag en Salmunna.

13Hulle is die mense wat gesê het: “Kom ons vat die land van God vir onsself.”

14My God, U moet ons vyande soos tolbosse maak, soos kaf wat wegwaai voor die wind.

15-16U moet hulle volg en jaag met u stormwind soos vuur ’n bos laat brand, en soos ’n vuur berge aan die brand steek. U moet hulle skrikmaak met ’n wind wat alles wegwaai.

17U moet hulle laat besef dat hulle sal verloor, sodat hulle sal weet wie U is.

18U moet hulle laat besef dat hulle nie kan wen nie, hulle moenie ophou skrik nie, dit moet so sleg gaan met hulle dat hulle sterf.

19Hulle moet besef dat U die Hoogste God oor die hele aarde is, net U is God, u Naam is Here.

Psalm 84

Ek is lief vir u tempel

1Vir die leier van die koor: Dieselfde musiek soos vir die lied oor die parskuip. Van die Korag-groep. ’n Psalm.

2Here, U wat oor alles regeer, ek is lief vir u tempel.

3Ek wil graag daar wees, ek verlang na die tempel van die Here, ek wil juig oor die God wat lewe.

4Here, U wat oor alles regeer, die mossies het ook neste, en die swaeltjies het plek vir hulle kleintjies daar by u altare, my Koning en my God.

5Dit gaan goed met mense wat in u tempel woon, hulle hou nie op om U te prys nie. ***Sela***

6Dit gaan goed met mense wat weet dat U hulle sal beskerm en wat graag na u tempel wil kom.

7Wanneer hulle deur ’n droë vallei moet gaan, dan gaan daar fonteine vir hulle oop en dan laat die eerste reën dit goed gaan.

8Hulle kry elke maal nuwe krag totdat hulle by God in Sion kom.

9Here, U wat oor alles regeer, U moet luister wanneer ek bid. God van Jakob, U moet luister. ***Sela***

10O God, U moet goed wees vir die koning wat ons moet beskerm. U moet sorg vir u gesalfde.

© Bible Society of South Africa.

11Waarlik, een dag in u tempel is beter as 1 000 dae op ’n ander plek. Dit is vir my
beter om hier te staan by die deur van die tempel van my God. Ek wil nie woon in die
huise van die mense wat verkeerd doen nie.

12God die Here gee vir ons lewe en beskerm ons, die Here is genadig en Hy gee vir
ons eer. Hy gee goeie dinge vir mense wat eerlik lewe.

13Here, U wat oor alles regeer, dit gaan goed met ’n mens wat glo dat U hom sal
help.

Psalm 85

Die Here sal reg doen aan ons

1Vir die leier van die koor: Van die Korag-groep. ’n Psalm.

2Here, U was goed vir u land, U het dit weer goed laat gaan met die nageslag van
Jakob,

3U het die dinge wat u volk gedoen het, vergewe, U het al hulle sondes
vergewe. *Sela*

4U was nie meer kwaad vir hulle nie, U het opgehou om kwaad te wees.

5O God, U wat altyd vir ons gered het, U moet dit weer goed laat gaan met ons.

6Wil U altyd kwaad wees vir ons? Moet elke geslag voel dat U kwaad is?

7U moet ons weer laat lewe, sodat ons, u volk, bly kan wees omdat ons aan U
behoort.

8Here, U moet vir ons wys dat U doen wat U belowe het, U moet ons weer red.

9Ek wil hoor wat God die Here sê, want Hy sal sê dat dit weer goed sal gaan met sy
volk, met die mense wat in Hom glo. Maar hulle moenie weer dwase dinge doen nie.

10Dit is seker, die tyd is naby wanneer die Here die mense sal red wat Hom dien. Dan
sal Hy, die Koning, by ons in ons land wees.

11Hy sal doen wat Hy belowe het, en sy volk sal doen wat hulle moet doen. Hy sal reg
doen aan hulle, en dit sal goed gaan met hulle.

12Die mense sal doen wat hulle moet doen, en die Here sal reg doen aan hulle.

13Hy sal ook vir ons goeie dinge gee, en daar sal baie koring in ons land wees.

14Die Here sal reg doen aan ons, oral waar Hy gaan.

Psalm 86

Wys vir my dat U goed wil wees vir my

© Bible Society of South Africa.

[1]’n Gebed. Van Dawid. Here, U moet luister, U moet my antwoord, want ek kan myself nie help nie en ek het niks.

[2]U moet my lewe beskerm, want ek glo in U. U moet my, u dienaar, red, ek weet U sal. U is my God.

[3]My Here, U moet genadig wees vir my, want ek roep die hele dag, ek vra dat Ú my moet help.

[4]U moet my, u dienaar, bly maak, want dit is tot Ú wat ek bid.

[5]Want U is goed, my Here, U vergewe en U doen alles wat U belowe het vir al die mense wat tot U bid.

[6]Here, U moet luister na my gebed, U moet hoor hoe ek soebat.

[7]Wanneer dit sleg gaan met my, dan bid ek tot U, want U sal my antwoord.

[8]Nie een van die gode is soos U nie, nie een kan doen wat U doen nie.

[9]Al die volke wat U gemaak het, sal kom en voor U buig en u Naam eer,

[10]want U is groot, U doen wonderwerke, U is God, U alleen.

[11]Here, leer vir my hoe U wil hê dat ek moet lewe, sodat ek sal weet net U is God en sodat ek u Naam sal eer met my hele hart.

[12]My Here, my God, ek sal vir U dankie sê met my hele hart, ek sal u Naam altyd eer.

[13]Want U het vir my alles gedoen wat U belowe het, U het my gered van die doderyk daar onder.

[14]O God, hoogmoedige mense wil my aanval, wrede mense wil hê dat ek moet sterf. Hulle maak of U nie daar is nie.

[15]Maar U, my Here, is ’n God wat goed is vir mense wat swaarkry en U is genadig. U is baie geduldig en U doen altyd wat U belowe het, U bly dieselfde.

[16]U moet na my kyk en U moet genadig wees vir my, U moet my sterk maak en my red. Ek behoort aan U vandat ek gebore is.

[17]Wys vir my dat U goed wil wees vir my, sodat die mense wat my haat, dit kan sien en kan weet dat hulle nie sal wen nie, want U, Here, help my en verander dinge vir my.

Psalm 87

Die volke is ook kinders van Sion

[1]Van die Korag-groep. ’n Psalm. ’n Lied. Die fondamente van die stad van die Here is op die gewyde berge.

© Bible Society of South Africa.

2Die Here is lief vir Sion en sy poorte, meer lief as vir die ander woonplekke in die land Israel.

3Stad van God, die mense sê wonderlike dinge oor jou. *Sela*

4Die Here sê: “Daar is volke wat My ken, en saam met daardie volke noem Ek ook die mense van Egipte en Babel, Filistyne-land, Tirus en Kus. Hulle is nou ook kinders van Sion.”

5En ons sê: “Sion sal hoor daardie mense is almal sy kinders, en dit is die Hoogste God wat die stad sterk en vas laat staan.”

6Wanneer die Here die name van die volke opskryf, dan sal Hy hulle almal tel en sê hulle is kinders van Sion. *Sela*

7Hulle sal sing en dans, en hulle sal sê: “In Sion is alles wat vir my goed is.”

Psalm 88

U is kwaad vir my en dit maak my moedeloos

1’n Lied. ’n Psalm. Van die Korag-groep. Vir die leier van die koor: Die fluite moet speel en julle moet sing. ’n Lied van die Esragiet Heman.

2Here, God wat my moet red, ek roep elke dag en elke nag en ek vra dat U my moet help.

3U moet luister na my gebed, U moet hoor hoe ek soebat,

4want ek kry baie swaar en ek word moedeloos, ek is naby die dood.

5Mense dink dat ek sal sterf, ek het geword soos ’n mens wat nie krag het nie.

6Dit voel of U my gelos het by die mense wat klaar gesterf het, dit voel of ek by die mense is wat in oorlog gesterf het en wat nou in ’n graf lê, mense aan wie U nie meer dink nie en vir wie U niks doen nie.

7Dit voel of U my onder in die doderyk gesit het, in die donker en diep plek.

8U is kwaad vir my en ek is moedeloos, dit is soos groot branders wat oor my spoel. ***Sela***

9U laat die mense wat my ken, ver van my staan, hulle wil nie naby my kom nie. Ek sit vas en ek kan nie uitkom nie.

10My oë het dof geword, want ek kry baie swaar. Ek het tot U gebid, Here, ek het die hele dag my hande uitgesteek na U.

11U doen nie wonderwerke vir mense wat dood is nie, hulle staan nie op en hulle prys U nie. ***Sela***

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12In die graf, die onderwêreld, sê mense nie dat U doen wat U belowe nie, hulle sê nie dat hulle seker is U sal help nie.

13Daar in die donker, die plek waaraan niemand wil dink nie, weet hulle nie dat U wonderwerke kan doen en dat U reg doen aan mense nie.

14En ek? Ek roep en vra dat U my moet help, ek bid elke oggend tot U.

15Here, hoekom stoot U my weg, hoekom wil U nie na my kyk nie?

16Ek kan myself nie help nie, ek was naby die dood vandat ek jonk was. U het my baie swaar laat kry, en ek weet nie wat om te doen nie.

17U is kwaad vir my, en dit maak my moedeloos. U het my swaar gestraf, ek kan nie daaroor praat nie.

18Dit voel die hele dag soos 'n watervloed wat om my is, water wat van al die kante oor my stroom.

19U laat my vriende, die mense vir wie ek lief is, ver van my staan. Dit is alles donker rondom my.

Psalm 89

Hoekom doen U nie meer wat U belowe het nie?

1'n Lied. Van Etan, die Esragiet.

2Here, ek wil altyd sing en sê dat U elke maal doen wat U belowe het, ek wil vir elke geslag leer dat U altyd dieselfde bly.

3Ja, ek sê dat U altyd doen wat U belowe het, U sal dieselfde bly, soos die lug daarbo.

4U het gesê: "Ek het 'n verbond gemaak met die man wat Ek gekies het, Ek het vir my dienaar Dawid belowe en gesê:

5Jy sal altyd 'n nageslag hê, iemand van jou nageslag sal altyd koning wees." *Sela*

6Here, almal in die hemel moet praat oor u wonderwerke, die vergadering van die engele moet praat en sê dat U altyd dieselfde bly.

7Want niemand anders in die hemel is soos die Here nie, nie een van die engele kan doen wat U doen nie.

8U is God, almal is bang vir U, almal in die groot vergadering van die engele. Almal rondom U respekteer U en dien U.

9Here, God wat oor alles regeer, niemand is so sterk soos U nie. Here, almal rondom U weet dat U altyd dieselfde bly.

10Dit is U wat die wilde see stil maak, dit is U wat die hoë branders stil laat word.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Dit is U wat vir Rahab geslaan het sodat hy gesterf het, dit is U wat u vyande na al die kante toe gejaag het, want U is sterk.

12Die hemel behoort aan U, die aarde behoort ook aan U, die wêreld en alles daarop. U het hulle vas laat staan vir altyd.

13U het besluit waar die noorde en die suide moet wees, Tabor-berg en Hermon-berg juig omdat hulle U ken.

14U is sterk, U het baie krag, U kan doen wat U wil doen.

15U is die Koning wat reg doen aan almal en wat reg oordeel. U doen wat U belowe het en U bly dieselfde.

16Here, dit gaan goed met ’n volk wat weet hoe om vir U te juig en wat naby U kan lewe.

17Hulle juig die hele dag omdat hulle U ken, hulle vertel vir almal dat U reg doen.

18Hulle is sterk omdat U, die Koning, by hulle is, ons is sterk omdat U lief is vir ons.

19Die Here, die Heilige God van Israel, het ons koning vir ons gegee, die koning wat ons moet beskerm.

20Lank gelede het U verskyn aan die mense wat in U glo, en U het gesê: “Ek het besluit dat Ek ’n belangrike man sal help. Ek het iemand van die volk gekies en Ek het hom belangrik gemaak,

21Ek het my dienaar Dawid laat kom en Ek het hom gesalf met my gewyde olyf-olie.

22Ek sal hom beskerm en hom sterk maak.

23Sy vyande sal hom nie kan bedrieg nie, niemand sal hom verdruk nie.

24Ek sal die mense doodmaak wat teen hom is, Ek sal die mense doodslaan wat hom haat.

25Ek sal dieselfde bly vir hom, Ek sal doen wat Ek belowe het, Ek sal hom sterk maak.

26Ek sal hom laat regeer oor ver lande tot by die see en die riviere.

27Hy sal vir My sê: ‘U is my Vader, my God, die Rots wat my red.’

28En Ek sal vir hom sê hy is vir My so belangrik soos ’n oudste seun, hy is die belangrikste koning op die aarde.

29Ek sal altyd vir hom doen wat Ek belowe het, Ek sal nooit my verbond met hom breek nie.

30Hy sal altyd ’n nageslag hê, iemand van sy nageslag sal koning wees so lank soos die son daar is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

31As ’n persoon van sy nageslag ophou om te doen wat Ek wil hê en nie lewe soos Ek sê nie,

32as hy maak of dit nie belangrik is om so te lewe nie, en hy doen nie wat Ek sê nie,

33dan sal Ek hom straf omdat hy opstandig is. Ek sal hom laat swaarkry omdat hy sonde doen.

34Maar Ek sal nie ophou om vir hom te doen wat Ek belowe het nie, Ek sal altyd dieselfde bly.

35My verbond sal vir My belangrik bly, Ek sal nie verander wat Ek gesê het nie.

36Ek het dit voorheen belowe, Ek, die heilige God, en Ek sal nie vir Dawid bedrieg nie.

37Sy nageslag sal nooit ophou nie, iemand van sy nageslag sal koning wees so lank soos die son daar is.

38Dit is so seker soos die maan, die getuie wat altyd in die lug is.”

39Maar, Here, U is nou kwaad vir u gesalfde, U het hom weggestoot, U het hom gelos.

40U het gemaak of U nie ’n verbond met u dienaar gemaak het nie, U het sy kroon op die grond laat val, en dit het vuil geword.

41U het al die mure om sy stad laat afbreek, U het sy sterk mure laat verwoes.

42Almal wat daar verbykom op die pad, vat die goed in die stad, die volke daar naby spot en lag vir die koning.

43U het sy vyande laat wen teen hom, U het al sy vyande bly gemaak.

44U het sy eie swaard stomp gemaak, hy kon nie wen en bly staan in die oorlog nie.

45U het hom laat ophou om koning te wees, U het sy troon omgegooi, dit lê op die grond.

46U het hom gou oud laat word, U het hom alles laat verloor. *Sela*

47Here, hoe lank wil U nog maak of U dit nie weet nie? Altyd? Hoe lank wil U kwaad bly en ons laat brand soos in ’n vuur?

48U moet onthou dat my lewe kort is. U het al die mense so gemaak dat hulle maklik sterf.

49Watter mens wat lewe, sal nie sterf nie? Niemand. Watter mens kan homself vrymaak van die dood? Niemand. *Sela*

50U het altyd gedoen wat U belowe het, hoekom doen U dit nie nou ook nie? Hoekom het U nie dieselfde gebly soos U vir Dawid belowe het nie?

© Bible Society of South Africa.

51My Here, U moet daaraan dink dat mense vir my, u dienaar, gespot het. Ek het gehoor hoe al die volke my spot.

52Here, die mense wat my spot, is u vyande, hulle het vir my, u gesalfde, gespot oral waar ek gaan.

53Julle moet die Here altyd prys. Amen en amen.

Psalm 90

Wanneer sal U weer jammer wees vir die mense wat vir U dien?

1'n Gebed. Van Moses, die man van God. Here, ons was veilig by U, al die geslagte lank.

2U was altyd God, voordat die berge daar was, voordat U die aarde, die wêreld, gemaak het, en U sal altyd God wees.

3U laat die mens sterf sodat hy weer stof word, U sê: "Mens, jy moet teruggaan."

4Want vir U is 1 000 jaar soos gister wat verby is, of soos 'n wagbeurt in die nag.

5U laat mense sterf, hulle lewe is soos slaap wat verby is in die oggend, hulle is soos plante wat verdwyn.

6In die oggend begin die plante groei, en in die aand verdwyn hulle. Hulle word droog, hulle verlep.

7Want wanneer U kwaad is, dan skrik ons en ons sterf.

8U weet wat ons gedoen het wat verkeerd is, U sien die sondes wat ons wil wegsteek.

9Ja, U bly kwaad vir ons so lank soos ons lewe, ons lewe gaan baie gou verby.

10Ons lewe sewentig jaar, of as ons sterk is, dan lewe ons tagtig jaar, en ons kry die hele tyd swaar, daar gebeur elke dag slegte dinge. Ja, dit gaan gou verby, die tyd vlieg.

11Niemand weet wat U alles kan doen wanneer U kwaad is nie. Ons is bang vir U wanneer U kwaad is.

12U moet vir ons leer om elke dag so te lewe dat ons wyse mense sal word.

13Here, wanneer sal U weer jammer wees vir die mense wat vir U dien?

14U moet ons elke oggend help om te verstaan dat U doen wat U belowe het, dan sal ons juig en bly wees, so lank soos ons lewe.

15U het ons lank laat swaarkry, dit het lank sleg gegaan met ons. U moet ons nou lank bly laat wees.

© Bible Society of South Africa.

16U moet vir ons, u dienaars, wys wat U doen, U moet Koning wees, ook Koning van ons kinders.

17Here, ons God, U moet goed wees vir ons, U moet dit goed laat gaan met die dinge wat ons doen, ja, met al die dinge wat ons doen, U moet dit goed laat gaan met alles wat ons doen.

Psalm 91

Ek weet U sal my beskerm

1Wanneer iemand veilig wil wees by die Hoogste God, wanneer hy wil hê die Almagtige moet hom beskerm,

2dan sê hy vir die Here: “By U is ek veilig, U is vir my soos ’n veilige plek in die berge. My God, ek weet U sal my beskerm.”

3Ja, die Here sal jou red van die vangnet waarin iemand jou wil vang, Hy sal jou red van die pes wat alles verwoes.

4Die Here sal jou beskerm soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke beskerm, Hy bly dieselfde, Hy sal vir jou wees soos ’n skild, soos ’n sterk muur om ’n stad.

5Jy moenie bang wees vir die dinge wat jou in die nag laat skrik nie, of vir die pyle wat mense in die dag na jou toe skiet nie.

6Jy moenie bang wees vir die pes wat in die donker kom nie, of vir die dinge wat in die dag alles verwoes nie.

7Wanneer 1 000 mense langs jou sterf, of 10 000, dan sal daar niks wat sleg is, met jou gebeur nie.

8Jy sal dit self sien, jy sal kyk hoe die Here die mense straf wat verkeerd doen.

9Jy het vir die Here gevra om jou te beskerm, jy glo dat jy veilig sal wees by die Hoogste God,

10daarom sal daar niks wat sleg is, met jou gebeur nie, en daar sal nooit siekte naby jou tent kom nie.

11Want die Here sal sy engele stuur om jou te beskerm oral waar jy gaan.

12Hulle sal jou dra, en jy sal nie jou toon teen ’n klip stamp nie.

13Jy sal leeus en slange doodtrap.

14Die Here sê: “Ek sal hom red omdat hy aanhou om lief te wees vir My. Ek sal hom beskerm omdat hy My ken.

15Hy sal roep en vra dat Ek hom moet help, en Ek sal doen wat hy vra. Ek sal by hom wees wanneer dit sleg gaan, Ek sal hom red en Ek sal hom belangrik maak.

© Bible Society of South Africa.

16Ek sal hom lank laat lewe, baie lank, Hy sal weet dat Ek hom gered het."

Psalm 92

Dit is goed om vir die Here dankie te sê

1'n Psalm. 'n Lied. Vir die Sabbatdag.

2Dit is goed om vir die Here dankie te sê, om te sing vir U, Hoogste God,

3om elke môre te sê dat U doen wat U belowe, om elke nag te sê dat U dieselfde bly.

4Ek doen dit met 'n tiensnaar-harp, en met die musiek van 'n lier,

5want die dinge wat U gedoen het, het my bly gemaak, ek wil sing oor die dinge wat U gedoen het.

6Here, dit is groot dinge wat U gedoen het, die dinge wat U dink, is vir my moeilik om te verstaan.

7Dom mense, dwase, weet nie en hulle verstaan nie

8dat mense wat verkeerd doen, soos plante groei nie, hulle verstaan nie dat dit goed gaan met al die mense wat slegte dinge doen, maar dat hulle vir altyd sal sterf nie.

9Maar Ú, Here, U regeer altyd oor alles.

10Ja, Here, ek weet u vyande sal verdwyn, ja, ek weet hulle sal verdwyn, U sal almal wat slegte dinge doen, wegjaag na al die kante toe.

11Maar U het vir my so sterk soos 'n oer-os gemaak, U het my laat feesvier.

12Ek het gesien hoe my vyande val, ek het gehoor hoe skree die mense wat téén my is, die mense wat slegte dinge doen.

13Maar mense wat reg doen, is soos 'n palmboom wat groei, soos 'n sederboom wat hoog groei op die Libanon-berg.

14Hulle is soos bome wat by die tempel staan en wat vrugte dra op die oop stukke grond van ons God.

15Hulle dra vrugte ook wanneer hulle oud is, hulle is sterk en altyd groen.

16Dit wys dat die Here reg doen. Hy is my Rots, Hy doen nie verkeerd nie.

Psalm 93

Die Here is Koning

1Die Here is Koning. Hy dra sy koningklere, Hy is sterk. Hy laat die aarde vas staan, dit skud nie.

2Here, u troon staan vas van die begin af, U was van altyd af daar.

© Bible Society of South Africa.

3Here, die watervloed het geraas, die watervloed het hard geraas, die branders van die watervloed het geraas.

4Die Here wat uit die hemel regeer, is sterker as die baie water, Hy is sterker as die branders van die see.

5Here, u wette sal nooit verander nie, u tempel moet altyd ’n gewyde plek wees.

Psalm 94

Die Here gooi nie sy volk weg nie

1Here, God wat mense straf oor wat hulle gedoen het, God wat mense straf, U moet kom.

2 Regter van die mense op die aarde, U moet begin, U moet die hoogmoedige mense straf oor wat hulle gedoen het.

3Here, hoe lank sal die mense wat verkeerd doen, juig oor wat met ander mense gebeur? Hoe lank sal hulle aanhou om dit te doen?

4Hoe lank sal al die mense wat slegte dinge doen, aanhou spog?

5Here, hulle laat u volk swaarkry, hulle verdruk die mense wat aan U behoort.

6Hulle vermoor weduwees en vreemdelinge, hulle maak weeskinders dood,

7en dan sê hulle: “Die Here sien dit nie, die God van Jakob weet nie dat dit gebeur nie.”

8Dom mense van my volk, julle is dwase, julle moet verstaan. Wanneer sal julle verstandig word?

9Die Here het vir ons ore gegee. Dink julle dat Hy nie self ook kan hoor nie? Hy het vir ons oë gegee. Dink julle dat Hy nie self ook kan sien nie?

10Hy straf die ander volke. Dink julle dat Hy nie ook vir julle sal straf nie? Dit is Hy wat vir mense leer wat hulle moet weet. Dink julle dat Hy self niks weet nie?

11Die Here weet wat ’n mens dink, Hy weet dit beteken niks.

12Dit gaan goed met iemand wanneer die Here vir hom leer wat hy moet doen, wanneer U vir hom leer wat U wil hê.

13U laat hom vry wegkom wanneer dit sleg gaan, maar U maak ’n graf gereed vir die mense wat verkeerd doen.

14Want die Here gooi nie sy volk weg nie, Hy los nie die mense wat aan Hom behoort nie.

15Die mense wat moet oordeel, sal weer reg oordeel, en al die eerlike mense sal sê dit is goed.

© Bible Society of South Africa.

16Niemand het vir my gehelp veg teen die slegte mense nie, niemand het my gehelp teen die mense wat slegte dinge doen nie.

17As die Here nie vir my gehelp het nie, dan was ek lank gelede dood.

18Ek het gedink my voete gly, maar U het gedoen wat U belowe het, U het my regop gehou.

19Ek was baie bekommerd, maar U het dinge vir my verander en U het my bly laat word.

20U kan nie ’n vriend wees van slegte regters nie, mense wat ongehoorsaam is aan u wette, en wat ander mense laat swaarkry.

21Hulle maak saam planne teen mense wat reg doen, hulle sê onskuldige mense is skuldig.

22Maar die Here het my beskerm. My God is die Rots by wie ek veilig is.

23Hy sal daardie mense straf oor hulle sonde, Hy sal hulle laat sterf oor die slegte dinge wat hulle gedoen het. Ons God die Here sal hulle laat sterf.

Psalm 95

Kom ons sing vir die Here

1Kom, kom ons sing vir die Here, kom ons juig vir die Rots wat ons altyd red.

2Kom ons gaan na Hom toe en sê vir Hom dankie, kom ons sing en juig vir Hom.

3Want die Here is ’n groot God, Hy is die Groot Koning oor al die gode.

4Hy regeer oor die diep plekke onder die aarde, en die hoogste plekke op die berge is Syne.

5Die see is Syne, Hy het dit gemaak, en die land het Hy met sy eie hand gemaak.

6Kom, kom ons gaan lê voor Hom, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here, Hy wat ons gemaak het.

7Want Hy is ons God, ons is sy volk, Hy is ons Herder. Ons is die skape en die bokke vir wie Hy sorg. Julle moet vandag na Hom luister.

8Hy sê: “Julle moenie hardkoppig wees soos by Meriba nie, daardie dag by Massa in die woestyn

9waar julle voorvaders My getoets het. Hulle het gesien wat Ek gedoen het maar hulle wou kyk of Ek hulle sal straf.

10Veertig jaar lank het Ek niks van daardie geslag gehou nie. Ek het gesê: Hulle is mense wat nie weet wat hulle doen nie, hulle wil nie lewe soos Ek wil hê nie.

© Bible Society of South Africa.

11Ek was kwaad en Ek het gesê: So seker soos Ek lewe, hulle sal nie kom in die land
waar Ek hulle rustig wou laat woon nie."

Psalm 96

Die Here kom om oor die aarde te regeer

(Ook 1 Kron 16:23-33)

1Julle moet vir die Here 'n nuwe lied sing, al die mense op die aarde, julle moet vir
die Here sing.

2Julle moet vir die Here sing, julle moet sy Naam prys, julle moet elke dag die goeie
nuus bring dat die Here mense red.

3Julle moet vir die volke vertel, vir al die volke, julle moet vertel dat die Here Koning
is en dat Hy wonderwerke doen.

4Want die Here is groot, mense moet Hom baie prys, hulle moet bang wees vir Hóm,
nie vir al die afgode nie.

5Want al die gode van die volke beteken niks, maar dit is die Hére wat die hemel
gemaak het.

6Almal wat Hom dien, weet dat Hy Koning is, almal in sy tempel weet dat Hy die
sterk Koning is.

7Julle almal, al die volke, julle moet Hom prys, want Hy is Koning, Hy is sterk.

8Julle moet die Naam van die Here prys, julle moet vir Hom presente bring en na
die oop stukke grond by sy tempel kom.

9Julle moet voor die Here buig, Hy is heilig. Al die mense op die aarde, julle moet vir
Hom bang wees en bewe.

10Julle moet vir die volke sê: "Die Here is Koning. Hy laat die aarde vas staan, dit skud
nie." Hy sal reg doen aan almal wanneer Hy die volke oordeel.

11Die hemel moet bly wees, die aarde moet juig, die see en alles in die see moet raas
en dreun.

12Die veld en alles in die veld moet juig en skree. Dan sal al die bome in die bos sing

13vir die Here, want Hy kom. Ja, Hy kom om oor die aarde te regeer. Hy sal reg doen
wanneer Hy oor die wêreld regeer, Hy sal altyd regverdig wees wanneer Hy oor die
volke regeer.

Psalm 97

Die Here is belangriker as almal op die hele aarde

1Die Here is Koning. Die aarde moet juig, die baie eilande moet bly wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2Niemand sien die Here nie, daar is donker wolke rondom Hom, maar Hy doen reg en Hy oordeel reg wanneer Hy regeer.

3Wanneer Hy kom, dan is daar ’n vuur voor Hom, en dit verbrand sy vyande rondom Hom.

4Sy weerligstrale maak die wêreld lig. Die aarde sien dit en bewe.

5Die berge smelt voor die Here, voor die Here van die hele aarde.

6Die hemel bring die nuus dat die Here reg doen, al die volke sien dat Hy Koning is.

7Almal wat beelde dien, voel verneder, almal wat gespog het oor goed wat niks beteken nie, almal wat gespog het oor al die gode wat nou voor die Here moet buig.

8 Sion hoor dit en is bly, al die stede van Juda juig omdat U, Here, die vyande gestraf het.

9Ja, Ú, Here, U is belangriker as almal op die hele aarde, U is baie belangriker as al die gode.

10Die mense wat lief is vir die Here, moet slegte dinge haat. Die Here beskerm die mense wat in Hom glo. Hy red hulle van die mense wat verkeerd doen.

11Daar is baie lig in die lewe van mense wat reg doen, eerlike mense sal altyd bly wees.

12Mense wat reg doen, julle moet bly wees omdat julle aan die Here behoort. Julle moet vir Hom dankie sê omdat julle sy heilige Naam ken.

Psalm 98

Julle moet juig vir die Here

1’n Psalm. Julle moet vir die Here ’n nuwe lied sing, want Hy het wonderwerke gedoen. Hy is sterk, Hy het self oorwin, niemand het Hom gehelp nie.

2Die Here het gewys dat Hy oorwin het, Hy het die volke laat sien dat Hy reg doen.

3Hy het weer gedoen wat Hy belowe het, Hy het dieselfde gebly vir die volk Israel. Die mense oral op die aarde het gesien dat ons God oorwin het.

4Al die mense op die aarde, julle moet juig vir die Here, julle moet begin, julle moet sing, julle moet musiek maak.

5Julle moet vir die Here musiek maak met liere, met liere en ander musiek,

6met trompette en met ramshorings. Julle moet juig vir die Koning, die Here.

7Die see en alles in die see moet raas, ook die wêreld en almal wat in die wêreld woon.

© Bible Society of South Africa.

[8]Die riviere moet hande klap, en al die berge moet sing

[9]vir die Here, want Hy kom om te regeer oor die aarde. Hy sal reg doen wanneer Hy oor die wêreld regeer, Hy sal reg doen aan almal wanneer Hy oor die volke regeer.

Psalm 99

Ons God die Here is heilig

[1]Die Here is Koning, die volke moet bewe, Hy sit op sy troon bokant die gerubs, die aarde moet skud.

[2]Die Here is in Sion, Hy is groot en Hy regeer oor al die volke.

[3]Here, hulle moet u groot Naam prys. Almal moet u Naam respekteer, u Naam is heilig.

[4]U is die sterk Koning, U wil hê dat mense reg moet oordeel. U het gesê hulle moet in die land Israel reg doen aan almal. Hulle moet reg oordeel en hulle moet reg doen aan ander mense.

[5]Julle moet ons God die Here prys, julle moet voor Hom buig, Hy is heilig.

[6]Moses en Aäron was twee van sy priesters, en Samuel was een van die mense wat tot Hom gebid het. Hulle het tot die Here gebid, en Hy het hulle geantwoord.

[7]Hy het met hulle gepraat uit ’n wolk, hulle was gehoorsaam aan die wette wat Hy vir hulle gegee het.

[8]Ons God die Here, U het hulle geantwoord, U was ’n God wat mense se sondes vergewe het, maar U het hulle ook gestraf oor die dinge wat hulle gedoen het.

[9]Julle moet ons God die Here prys, julle moet buig by sy gewyde berg, want ons God die Here is heilig.

Psalm 100

Julle moet juig vir die Here

[1]’n Psalm. Om dankie te sê. Almal op die aarde, julle moet juig vir die Here.

[2]Julle moet bly wees en julle moet die Here dien, julle moet voor Hom kom sing.

[3]Julle moet weet dat die Here God is. Hy het ons gemaak, en ons is Syne, ons is sy volk, ons is die skape wat aan Hom behoort.

[4]Julle moet deur sy poorte inkom en vir Hom dankie sê, julle moet voor sy tempel kom staan en julle moet Hom prys. Julle moet vir Hom dankie sê, julle moet sy Naam prys.

© Bible Society of South Africa.

5Want die Here is goed, Hy doen altyd wat Hy belowe het, Hy bly dieselfde vir elke geslag.

Psalm 101

Ek wil weet hoe om heeltemal reg te lewe

1Van Dawid. ’n Psalm. Here, ek wil sing oor U wat altyd doen wat U belowe, oor U wat altyd reg oordeel. Ek wil vir U sing.

2Ek wil weet hoe om heeltemal reg te lewe. Wanneer kom U na my toe? Ek wil heeltemal reg lewe in my huis.

3Ek wil niks doen wat sleg is nie. Ek haat die dinge wat mense doen wat nie reg lewe nie. Ek wil nie daardie dinge doen nie.

4Ek wil nie vals wees nie, ek wil niks doen wat verkeerd is nie.

5Ek sal die mense stilmaak wat slegte dinge sê oor ander mense wat dit nie hoor nie. Ek sal nie vriende wees met iemand wat hoogmoedig is nie, met iemand wat nie nederig is nie.

6Ek sal net mense in die land kies wat ek kan glo, mense wat heeltemal reg lewe, net húlle mag vir my werk.

7In my huis mag niemand woon wat vir ander mense bedrieg nie. Niemand wat leuens vertel, mag vir my werk nie.

8Ek sal elke oggend almal in die land wat verkeerde dinge doen, vir altyd stilmaak. Ek sal die mense wat slegte dinge doen, laat verdwyn uit die stad van die Here.

Psalm 102

Ons kinders sal veilig woon

1’n Gebed vir iemand wat swaarkry, wanneer hy swak voel en by die Here wil kla.

2Here, U moet na my gebed luister, U moet hoor hoe ek roep en vra dat U my moet help.

3Dit gaan sleg met my, U moenie maak of U dit nie sien nie. U moet luister wanneer ek tot U bid, U moet my gou antwoord.

4Want my dae gaan verby soos rook, my liggaam brand soos vuur.

5Ek voel soos gras wat droog geword het nadat iemand dit plat getrap het, want ek is nie meer lus om te eet nie.

6Ek hou aan om te kla van die pyn, ek is baie maer, net vel en been.

7Ek is soos ’n pelikaan in die woestyn, ek het geword soos ’n uil tussen hope klippe.

© Bible Society of South Africa.

8Ek kan nie slaap nie, ek is soos ’n voël wat alleen op ’n dak sit.

9My vyande spot my die hele dag, die mense wat my beledig, sê my naam wanneer hulle ander mense wil vervloek,

10want ek eet as, dit is my kos, en alles wat ek drink, is vol van my trane.

11Dit is omdat U so kwaad is vir my. U het my opgetel en weggegooi.

12My lewe is amper verby, dit is soos wanneer die skaduwee in die aand lank word en verdwyn. Ek is soos gras wat droog geword het.

13Maar, Here, U is altyd Koning, elke geslag ken u Naam.

14U sal kom en jammer wees vir Sion, want die tyd het gekom dat U goed moet wees vir Sion. Ja, dit is nou die tyd.

15Sion is nou net hope klippe en stof, maar ons, u dienaars, is lief en jammer vir die stad.

16Die volke sal bang word wanneer hulle die Naam van die Here hoor. Al die konings op die aarde sal bang word wanneer hulle sien dat U Koning is.

17Ja, die Here bou weer die mure van Sion, Hy wys vir almal dat Hy Koning is.

18Hy hoor die gebede van die mense wat niks het nie, hulle gebede is vir Hom belangrik.

19Julle moet dit opskryf sodat die volgende geslag dit kan lees, sodat die kinders wat later gebore sal word, die Here kan prys.

20Hulle sal Hom prys, want Hy het uit die heilige hemel daarbo afgekyk na die aarde

21en Hy het gehoor dat die gevangenes kla en sug. Hy het oopgemaak en die mense gered wat naby die dood was.

22Die kinders wat later gebore sal word, sal in Sion die Naam van die Here sê, hulle sal Hom prys in Jerusalem

23wanneer die volke, die mense uit ander lande, bymekaarkom om die Here te dien.

24Die Here het my swak laat word toe ek jonk was, Hy het my lewe kort gemaak.

25Ek sê: My God, U moenie my nou wegneem nie, ek het nog nie klaar gelewe nie. U self lewe vir altyd en altyd.

26Lank gelede het U die aarde vas laat staan, en U het self die hemel gemaak.

27Die aarde en die hemel sal verdwyn, maar U sal altyd daar wees. Hulle sal word soos ou klere, hulle sal verdwyn soos klere wat ’n mens uittrek en weggooi.

28Maar U bly altyd dieselfde, U lewe vir altyd.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

29Ons kinders sal veilig woon, ons nageslag sal ’n plek hê by U.

Psalm 103

Ek wil die Here prys

1Van Dawid. Ek wil die Here prys, ek wil sy heilige Naam prys met my hele hart.

2Ek wil die Here prys, ek wil nie een ding vergeet wat Hy gedoen het nie.

3Dit is Hý wat al my sondes vergewe en wat my gesond maak van al my siektes.

4Dit is Hý wat my lewe red van die graf en wat altyd vir my doen wat Hy belowe. Dit is Hý wat goed is vir my wanneer ek swaarkry.

5Dit is Hý wat baie goeie dinge vir my gee, sodat ek elke dag so jonk voel soos ’n arend.

6Die Here doen reg aan mense, Hy oordeel reg oor die mense wat swaarkry.

7Hy het vir Moses gesê wat Hy wil hê, Hy het vir die Israeliete gesê wat Hy gedoen het.

8Die Here is goed vir mense wat swaarkry, Hy is genadig en geduldig, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

9Hy sal ons nie altyd beskuldig nie en nie altyd kwaad bly nie.

10Hy straf ons oor ons sonde, maar Hy straf ons nie so swaar soos Hy móét nie.

11Ja, soos die hemel baie hoog is bo die aarde, so doen die Here baie vir die mense wat Hom dien, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

12So ver soos die ooste van die weste is, so ver neem Hy ons sonde weg van ons.

13Soos ’n pa jammer is vir sy kinders, so is die Here ook jammer vir die mense wat Hom dien,

14want Hy ken ons, Hy weet dat ons stof is.

15Die mens se lewe is soos die lewe van ’n plant, hy groei soos ’n veldblom,

16en wanneer die wind daaroor gewaai het, dan is die blom weg, niemand weet waar hy gegroei het nie.

17Maar die Here hou aan om te doen wat Hy belowe het, Hy hou aan om reg te doen aan die mense wat Hom dien, en aan hulle kinders en kleinkinders.

18Hy doen reg aan almal wat gehoorsaam is aan sy verbond en wat doen wat Hy sê.

19Die Here het sy troon in die hemel gesit, Hy is Koning van alles en almal.

20 Engele van die Here, julle moet die Here prys, julle wat sterk is en wat doen wat die Here sê.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Al die sterre van die Here moet Hom prys, almal wat vir Hom werk en wat doen wat Hy wil hê.

22Alles en almal wat die Here gemaak het, moet die Here prys op al die plekke waar Hy Koning is. En ek wil ook die Here prys.

Psalm 104

Ons sien u wysheid in alles wat U gemaak het

1Ek wil die Here prys. My God die Here, U is baie groot. U is die Koning, en almal rondom U respekteer U en prys U.

2Daar is lig rondom U. U het die hemeldak styfgetrek soos ’n mens ’n tent styftrek.

3U het die balke van u bo-kamers vasgemaak bo die boonste water. U ry op die wolke, U loop op die vlerke van die wind.

4U kies die winde om u boodskappers te wees, die vuurvlamme is u werkers.

5U het die aarde op sy plek vasgesit, sodat dit nooit sal skud nie.

6U het die aarde met die groot see toegemaak, die water het bo-oor die berge gevloei.

7U het hard gepraat, en toe het die water gevlug. Toe die water u donderweer hoor, het dit weggevloei.

8Die water het oor die berge gespoel, dit het afgegaan in die valleie na die plek wat U daarvoor gereedgemaak het.

9U het gewys waar die grens is en U het gesê die water moenie oor die grens gaan nie, sodat die water nie weer die aarde sal toemaak nie.

10U het fonteine laat uitkom in die valleie, sodat die water tussen die berge kan vloei.

11Al die wilde diere kan daar water kom drink, die wildedonkies kan daar water kom drink wanneer hulle dors is.

12Die voëls kom maak hulle neste bo die water, hulle sit en sing tussen die takke.

13U maak die berge nat met water uit u bo-kamers, die aarde kry meer as genoeg van alles wat U gee.

14U laat die gras groei sodat die beeste kan eet, en U gee plante wat die mense kan plant om kos uit die aarde te kry.

15Daar kom wyn om die mens bly te maak, olyf-olie om sy gesig te laat blink, en brood om hom sterk te maak.

© Bible Society of South Africa.

16Die bome van die Here, die sederbome wat Hy op die Libanon-berg geplant het, kry meer as genoeg reën.

17Die voëls maak hulle neste daar, die ooievaar bou sy nes daar in die sipresbome.

18Die hoë berge is ’n huis vir die klipbokke, die rotse is veilige plekke vir die dassies.

19U het die maan gemaak sodat ons sal weet wanneer dit tyd is om fees te vier. Die son weet self wanneer hy moet ondergaan.

20U maak dit donker en dit word nag, dan kom al die bosdiere uit.

21Die leeus brul en soek iets om te vang, hulle vra vir God hulle kos.

22Wanneer die son begin skyn, dan kom hulle terug en hulle gaan lê in die plekke waar hulle wegkruip.

23Dan gaan die mens na sy werk, en hy werk tot die aand.

24Here, U het baie dinge gemaak, ons sien u wysheid in alles wat U gemaak het. Die aarde is vol van alles wat U gemaak het.

25Daar is die see, dit is groot en wyd, daar is baie seediere, groot en klein, hulle swem daar rond.

26Daar seil baie skepe, en die Leviatan swem daar. U het hom gemaak, U speel daar met hom.

27Almal wag vir U om vir hulle kos te gee op die regte tyd.

28U gee die kos, en hulle eet, U maak u hand oop, en hulle kry meer as genoeg.

29Wanneer U wegkyk, dan word hulle bang, wanneer U die asem wegneem wat U vir hulle gegee het, dan sterf hulle en dan word hulle weer stof.

30Die asem wat U gee, laat hulle lewe, U maak die aarde nuut.

31Ons bid dat die Here altyd Koning sal wees, en dat Hy altyd bly sal wees oor alles wat Hy gemaak het.

32Wanneer die Here na die aarde kyk, dan bewe die aarde, wanneer Hy aan die berge raak, dan kom daar rook uit hulle.

33Ek wil vir die Here sing so lank soos ek lewe, ek wil vir my God musiek maak so lank soos ek hier is.

34Ek bid dat die Here sal hou van wat ek dink, ek is bly dat Ek aan Hom behoort.

35Ek bid dat die sondaars sal verdwyn van die aarde, dat die mense wat verkeerd doen, nie meer daar sal wees nie. Ek wil die Here prys. Julle moet die Here prys!

Psalm 105

© Bible Society of South Africa.

Julle moet altyd naby die Here wil wees

(Ps 105:1-15; ook 1 Kron 16:8-22)

1Julle moet vir die Here dankie sê, julle moet sy Naam sê, julle moet vir al die volke vertel wat Hy gedoen het.

2Julle moet sing vir Hom, julle moet musiek maak vir Hom, julle moet praat oor al sy wonderwerke.

3Julle moet Hom prys, Hy is heilig. Almal wat die Here dien, moet wys dat hulle bly is.

4Julle moet die Here kom dien, Hy is sterk, julle moet altyd naby Hom wil bly.

5Julle moet dink aan sy wonderwerke wat Hy gedoen het, julle moet dink aan sy tekens toe Hy sy vyande gestraf het.

6Julle is die nageslag van sy dienaar Abraham, die nageslag van Jakob wat Hy gekies het.

7Hy is ons God die Here, Hy oordeel al die mense.

8Hy het altyd sy verbond onthou, Hy het dit belowe vir 1 000 geslagte.

9Hy het hierdie verbond gemaak met Abraham, Hy het dit vir Isak belowe,

10Hy het vir Jakob gesê die verbond sal nie verander nie, dit is ’n verbond met die volk Israel, ’n verbond wat vir altyd sal wees.

11Die Here het gesê: “Ek gee vir jou die land Kanaän, dit moet altyd aan julle behoort.”

12Hulle was min mense, net ’n paar mense, en hulle was vreemdelinge in die land.

13Hulle het rondgetrek, van een volk na ’n ander volk, van een land na ’n ander land.

14Die Here het gesê niemand mag sy mense verdruk nie, Hy het konings gestraf omdat hulle sy volk verdruk het.

15Hy het gesê: “Julle moet niks sleg doen aan die mense wat Ek gesalf het nie, julle moenie slegte dinge doen aan my profete nie.”

16Die Here het hulle honger laat word, daar was niks om te eet nie.

17Hy het ’n man gestuur om voor hulle te gaan, die man was Josef, sy broers het hom verkoop, en hy het ’n slaaf geword.

18Hulle het sy voete met toue vasgemaak, hulle het ’n ysterband om sy nek gesit.

19Josef was ’n slaaf totdat die tyd gekom het toe hy moes praat, en die Here vir hom gesê het wat hy moet sê. En wat hy gesê het, het gebeur.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Die koning het mense gestuur en hulle het vir Josef uit die tronk laat kom. Die man wat oor volke regeer het, het vir Josef die deure laat oopmaak.

21Die koning het vir Josef gekies en aangestel om oor die paleis te regeer, Josef moes regeer oor alles wat aan die koning behoort het.

22Josef kon vir die amptenare van die koning sê wat hy wil hê hulle moet doen. Hy het vir die leiers geleer wat die regte dinge is wat hulle moet doen en sê.

23Jakob het na Egipte gekom, hy het in die land van Gam kom woon, en hy was ’n vreemdeling daar.

24Die Here het sy volk baie kinders laat kry, hulle het meer geword as hulle vyande.

25Die Here het die harte van die vyande verander, hulle het sy volk gehaat en hulle het slim planne gemaak teen sy dienaars.

26Die Here het sy dienaar Moses gestuur en ook vir Aäron, die man wat Hy gekies het.

27Hulle het die tekens van die Here gedoen by die Egiptenaars, hulle het wonderwerke gedoen in die land van Gam.

28Die Here het die donker gestuur, en dit het donker geword. Die Egiptenaars was opstandig teen wat die Here gesê het.

29Die Here het hulle water in bloed verander, en hulle visse het gevrek.

30Daar het paddas oral in die land gekom, die paddas het tot in die kamers van die koning gekom.

31Die Here het dit beveel, en toe kom daar steekvlieë en muggies in die hele land van die Egiptenaars.

32Die Here het die reën verander, dit het hael geword, en daar was weerlig in die land van die Egiptenaars.

33Die hael het hulle wingerde en hulle vyebome stukkend geslaan, dit het al die bome in die land stukkend geslaan.

34Die Here het dit beveel, en toe kom daar sprinkane, groot swerms sprinkane, niemand kon tel hoeveel sprinkane nie.

35Die sprinkane het alles opgevreet wat groen was in die land, hulle het al die koring en die plante in die land opgevreet.

36Die Here het elke oudste seun in die land laat sterf, elke kind wat gebore is toe sy pa nog sterk was.

37Die Here het al die stamme van die Israeliete uit Egipte laat gaan, hulle het silwer en goud saamgeneem. Niemand het gegly en geval nie.

© Bible Society of South Africa.

38Die Egiptenaars was bly toe die Israeliete trek, want hulle het baie bang geword vir die Israeliete.

39Die Here het ’n wolk laat kom om die Israeliete toe te maak, en Hy het ’n vuur gestuur om lig te maak in die nag.

40Die volk het gevra, en die Here het kwartels laat kom, Hy het vir hulle meer as genoeg brood uit die hemel gegee.

41Die Here het ’n rots oopgemaak, en daar het water uitgekom, die water het soos ’n rivier gevloei in die droë land.

42Ja, die Here is heilig, Hy het sy belofte onthou. Hy het die belofte vir sy dienaar Abraham gemaak.

43Die Here het sy volk, die mense wat Hy gekies het, laat uitgaan. Hulle was vrolik en hulle het gesing.

44Hy het vir sy volk die lande van die heidene gegee. Sy volk kon die goed vir hulleself vat, die goed waarvoor die ander volke hard gewerk het.

45Hoekom het die Here dit gedoen? Die Here het dit gedoen sodat sy volk sal doen wat Hy vir hulle sê, sodat hulle gehoorsaam sal wees aan die dinge wat Hy vir hulle geleer het. Julle moet die Here prys!

Psalm 106

Ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig

1Julle moet die Here prys. Julle moet vir die Here dankie sê, want Hy is goed, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

2Niemand kan sê hoe sterk die Here is nie, niemand kan Hom reg prys nie.

3Dit gaan goed met mense wat aanhou om reg te oordeel, met mense wat altyd reg doen.

4Here, wanneer U goed is vir u volk, dan moet U ook aan my dink. Wanneer U hulle red, dan moet U my nie vergeet nie.

5Dan sal ek sien hoe goed gaan dit met u mense, U het hulle gekies. Ek sal bly wees wanneer u volk bly is, ek sal juig saam met die mense wat aan U behoort.

6Ons het sonde gedoen soos ons voorvaders, ons het verkeerde dinge gedoen, ons is skuldig.

7Ons voorvaders het in Egipte nie u wonderwerke verstaan nie, hulle het nie onthou dat U altyd doen wat U belowe het nie. Hulle was opstandig by die see, die Riet-see.

© Bible Society of South Africa.

8Maar Hy het hulle gered omdat Hy God is, omdat Hy wou hê hulle moet weet dat Hy sterk is.

9Hy het hard gepraat met die Riet-see, en die see het droog geword. Hy het ons voorvaders laat deurloop op die plek waar daar voorheen diep water was, hulle het deurgeloop soos in ’n woestyn.

10Hy het hulle gered van die mense wat vir hulle gehaat het, Hy het hulle vrygemaak van hulle vyande.

11Die water het bo-oor hulle vyande gespoel, nie een van hulle het aangehou lewe nie.

12Toe het ons voorvaders geweet dat die Here doen wat Hy sê, hulle het gesing en Hom geprys.

13Maar hulle het gou vergeet wat Hy gedoen het, hulle het nie gewag totdat Hy vir hulle sê wat hulle moet doen nie.

14Hulle was honger vrate in die woestyn, hulle het God getoets in die woestyn.

15En Hy het vir hulle gegee wat hulle gevra het, maar Hy het hulle ook siek gemaak en maer laat word.

16Hulle was in die kamp baie kwaad vir Moses en vir Aäron wat aan die Here gewy was.

17Toe het die aarde oopgegaan en vir Datan ingesluk, dit het toegegaan oor Abiram en sy vriende.

18’n Vuur het hulle almal gebrand, ’n vlam het die mense verbrand wat verkeerd gedoen het.

19Hulle het by Horeb ’n kalfbeeld gemaak, hulle het gebuig voor ’n beeld.

20Hulle het hulle Koning gelos en hulle het ’n beeld aanbid, ’n beeld van ’n bul wat gras vreet.

21Hulle het vir God vergeet, God wat vir hulle gered het, God wat groot dinge gedoen het in Egipte,

22wonderwerke in die land van Gam, en dinge by die Riet-see, dit het die mense bang laat word.

23Die Here het besluit om hulle almal te laat sterf, en Hy sou dit gedoen het, maar Moses het vir Hom gesoebat om dit nie te doen nie. Die Here het voorheen vir Moses gekies, en Moses het nou gekeer dat die Here hulle nie almal doodmaak nie.

24Die mense het gemaak of die mooi land niks beteken nie, hulle het nie geglo dat die Here sal doen wat Hy gesê het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Hulle het in hulle tente gesit en kla, hulle wou nie luister na wat die Here sê nie.

26Die Here het vas besluit dat Hy hulle sou laat sterf in die woestyn,

27dat Hy hulle nageslag sou laat sterf tussen heidene, dat Hy hulle oral na ander lande sou jaag.

28Hulle het vir Baäl-Peor begin dien, hulle het vleis geëet wat die mense ge-offer het vir dooie afgode.

29Hulle het die Here kwaad gemaak omdat hulle verkeerde dinge gedoen het, en hulle het baie siek geword.

30Maar Pinehas het opgestaan en hy het die mense gestraf wat skuldig was, en toe het die mense nie meer siek geword nie.

31Mense sal altyd en altyd onthou dat Pinehas gedoen het wat reg was.

32 Die volk het die Here kwaad gemaak by die Meriba-water, en dit het sleg gegaan met Moses omdat hulle dit gedoen het.

33Hulle het Moses baie kwaad gemaak, hy het nie gedink wat hy sê nie, en hy het dinge gesê wat baie verkeerd was.

34Die Here het vir die volk gesê hulle moet die volke wat heidene was, almal doodmaak, maar hulle het dit nie gedoen nie.

35Hulle het met heidene getrou en hulle het geleer om te doen wat die heidene doen.

36Hulle het die heidene se afgode begin dien, en dit het hulle vasgevang soos ’n vangstrik ’n voël vasvang.

37Hulle het hulle seuns en hulle dogters vir die veldgode ge-offer.

38Hulle het onskuldige mense vermoor, hulle het hulle eie seuns en dogters ge-offer vir die afgode van Kanaän. Hulle het die land vuil gemaak met bloed.

39Hulle het onrein geword oor die dinge wat hulle gedoen het, hulle was ontrou aan God, hulle het baie verkeerde dinge gedoen.

40Die Here het baie kwaad geword vir sy volk, Hy het nie meer gehou van die mense wat aan Hom behoort nie.

41Toe het Hy sy volk vir die heidene gegee, sodat die heidene oor hulle kon regeer, die heidene wat vir hulle gehaat het.

42Die volk se vyande het hulle verdruk en laat swaarkry.

43Die Here het hulle baie maal gered, maar hulle het besluit om opstandig te bly, hulle het altyd meer verkeerde dinge gedoen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

44Die Here het gesien dat dit sleg gaan met hulle en Hy het gehoor hoe hulle soebat dat Hy hulle moet help.

45Hy het toe gedink aan sy verbond met hulle en Hy het dit beter laat gaan met hulle, Hy het onthou dat hulle sý mense is.

46Hy het hulle vyande se harte verander, die vyande wat vir hulle gevang en weggevat het. Die vyande was toe jammer vir die volk van die Here.

47Ons God die Here, U moet ons red, U moet ons bymekaarmaak tussen die volke, sodat ons u heilige Naam kan sê en vir U dankie kan sê, sodat ons dit sal geniet om U te prys.

48 Almal moet die Here, die God van Israel, prys, hulle moet Hom altyd en altyd prys. En die hele volk moet sê: Amen. Julle moet die Here prys!

Psalm 107

Die mense wat vry is, moet vertel dat die Here hulle vrygemaak het

1Julle moet vir die Here dankie sê, want Hy is goed, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

2Die mense wat vry is, moet vertel dat die Here hulle vrygemaak het, Hy het hulle vrygemaak, hulle het nie meer swaargekry nie.

3Hy het hulle bymekaargemaak uit ander lande, uit die ooste en die weste, die noorde en die suide.

4Party mense het verdwaal in wilde plekke, hulle kon nie die pad kry na ’n stad waar mense woon nie.

5Hulle het honger en dors geword, hulle het amper flou geword.

6Toe dit sleg gaan met hulle, het hulle geroep en gevra dat die Here hulle moet help, en Hy het hulle gered, hulle het nie meer swaargekry nie.

7Hy het hulle laat loop op ’n gelyk pad om by ’n stad te kom waar mense woon.

8Hulle moet vir die Here dankie sê omdat Hy doen wat Hy belowe het, omdat Hy wonderwerke doen vir mense.

9Hy gee vir mense wat dors is, genoeg om te drink, Hy laat honger mense lekker eet, meer as genoeg.

10Party mense het in die donker gesit, in pikdonker plekke. Hulle was gevangenes, hulle vyande het hulle vasgemaak met yster-boeie. Dit het sleg gegaan met hulle.

11Hoekom? Omdat hulle opstandig was teen God en wat Hy gesê het, omdat hulle nie wou doen wat die Hoogste God vir hulle gesê het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Hulle het swak geword, want hulle moes baie hard werk, en wanneer een van hulle geval het, dan het niemand hom gehelp nie.

13Toe dit so sleg gaan met hulle, het hulle geroep en gevra dat die Here hulle moet help, en Hy het hulle gered, hulle het nie meer swaargekry nie.

14Hy het hulle laat uitkom uit die donker, uit die pikdonker plekke, Hy het hulle kettings gebreek.

15Hulle moet vir die Here dankie sê omdat Hy doen wat Hy belowe het, omdat Hy wonderwerke doen vir mense,

16want Hy het koperdeure gebreek en ysterslotte stukkend geslaan.

17Party mense was dwaas, hulle het swaargekry omdat hulle opstandig was, omdat hulle verkeerd gelewe het.

18Hulle het naar geword, hulle kon niks eet nie, hulle was naby die dood.

19Toe dit so sleg gaan met hulle, het hulle geroep en gevra dat die Here hulle moet help, en Hy het hulle gered, hulle het nie meer swaargekry nie.

20Hy het gepraat en hulle gesond gemaak, Hy het hulle gered voordat hulle gesterf het en in die graf was.

21Hulle moet vir die Here dankie sê omdat Hy doen wat Hy belowe het, omdat Hy wonderwerke doen vir mense.

22Hulle moet vir Hom dank-offers bring, hulle moet sing en vertel wat Hy gedoen het.

23Party mense het met skepe op die see geseil, hulle het hulle werk gedoen op die groot water.

24Hulle het self gesien wat die Here doen, hulle het sy wonderwerke gesien op die diep see.

25Toe Hy praat, het daar ’n stormwind gekom, en die branders was baie groot.

26Die skepe het hoog opgegaan op die branders en dan het hulle weer afgesak in die diep water. Dit het sleg gegaan met die mense, hulle het baie bang geword.

27Hulle het soos dronk mense geloop en geval. Hulle was goeie matrose, maar hulle het nie geweet wat om te doen nie.

28Toe dit so sleg gaan met hulle, het hulle geroep en gevra dat die Here hulle moet help, en Hy het hulle gered, hulle het nie meer swaargekry nie.

29Hy het die stormwind stilgemaak, en die branders het klein geword.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30Die mense was bly omdat die see stil geword het. Die Here het hulle gelei na die
hawe waar hulle wou wees.

31Hulle moet vir die Here dankie sê omdat Hy doen wat Hy belowe het, omdat Hy
wonderwerke doen vir mense.

32Hulle moet in die volksvergadering sê die Here is groot, hulle moet Hom prys in die
vergadering van die leiers van die volk.

33Hy verander waterstrome, en dit word ’n woestyn, Hy verander plekke waar daar
fonteine is, en dit word droë grond.

34Hy laat vrugbare grond onvrugbaar word. Hoekom? Hy doen dit omdat die mense
wat daar woon, slegte dinge doen.

35Hy verander woestyne, en dit word damme water, Hy verander droë grond, en dit
word water-fonteine.

36Hy laat die mense wat honger was, daar woon, en hulle bou ’n stad waar hulle kan
woon.

37Hulle saai koring en hulle plant wingerde, en hulle kry baie koring en druiwe.

38Die Here seën hulle, en hulle kry baie kinders, die Here laat ook hulle diere baie
word.

39Die mense was min en hulle het swaargekry, dit het sleg gegaan met hulle omdat
mense hulle verdruk het.

40Toe het die Here die belangrike mense verneder. Hy het hulle laat verdwaal in
plekke waar niemand woon nie en waar daar nie ’n pad is nie.

41Maar Hy het die mense vrygemaak wat niks gehad het nie, hulle het nie meer
swaargekry nie. Hy het hulle nageslag so baie laat word soos skape en bokke.

42Mense wat eerlik lewe, sien dit en hulle word bly, maar almal wat verkeerde dinge
doen, moet stilbly.

43 Wyse mense moet oor hierdie dinge dink, hulle moet onthou dat die Here altyd
weer doen wat Hy belowe het.

Psalm 108

U moet vir almal wys dat U die Groot Koning is

(Ps 108:1-6; ook Ps 57:8-12)

1’n Lied. ’n Psalm. Van Dawid.

2O God, ek wil iets doen, ek wil sing en musiek maak, ek self wil dit doen.

3Ek wil my harp en my lier neem, ek wil sing voordat die son opkom.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Ek wil hê al die volke moet hoor wanneer ek vir U dankie sê en vir U sing.

5Want U doen wat U belowe, op die aarde en in die hemel, U bly dieselfde, ook tot by die wolke.

6O God, U moet vir almal wys dat U die Groot Koning is van die hemel en van die hele aarde.

7 U moet nou u hand optel en ons red, U moet doen wat ek vra, sodat ons, die mense vir wie U lief is, vry kan word.

8God het in sy tempel gesê: “Ek het die vyande oorwin en Ek sal juig wanneer Ek die grond van die stad Sigem verdeel en wanneer Ek die Sukkot-vallei meet en vir mense gee.

9Die land Gilead is my land, die land Manasse is ook Myne. Die land Efraim is vir My soos die helm op die kop van ’n soldaat. Die land Juda is vir My soos die septer in die hand van ’n koning.

10Die land Moab is vir My soos ’n skottel waarin iemand sy voete was. Ek neem die land Edom vir My. Ek skree omdat Ek die oorlog gewen het in die land van die Filistyne.”

11Wie sal my bring na ’n stad wat sterk mure het? Wie sal my na Edom lei?

12O God, U het ons weggestoot, U gaan nie saam met ons soldate wanneer hulle oorlog gaan maak nie.

13U moet ons kom help teen die vyande, want ménse kan ons nie help nie.

14Wanneer God by ons is, dan sal ons sterk wees, Hy self sal ons vyande plat trap.

Psalm 109

Ménse vervloek my, maar Ú sal my seën

1Vir die leier van die koor: Van Dawid. ’n Psalm. O God, ek prys U, U moet iets doen,

2want mense wat self skuldig is, sê dinge oor my, maar dit is nie waar nie, hulle lieg oor my.

3Hulle sê dit omdat hulle my haat. Ek het niks verkeerd gedoen nie, maar hulle baklei met my.

4Ek was lief vir hulle en ek het vir hulle gebid, maar hulle beskuldig my.

5Ek het goeie dinge aan hulle gedoen, maar hulle doen slegte dinge aan my. Ek was lief vir hulle, maar hulle haat my.

6Hulle sê: “Jy moet iemand kies en aanstel, iemand wat self verkeerd doen. Daardie persoon moet langs hom kom staan en hom beskuldig.

© Bible Society of South Africa.

7 ’n Regter moet sê dat hy skuldig is, die regter moet sê dat sy gebed ook sonde is.

8 Sy lewe moet kort wees, ’n ander mens moet sy werk doen.

9 Sy kinders moet weeskinders word, en sy vrou moet ’n weduwee word.

10 Sy kinders moet rondswerf en bedel om kos te kry in die plekke waar hulle woon, die plekke wat verwoes is.

11 Hy skuld geld vir mense, daardie mense moet alles vat wat hy het. Vreemde mense moet die goed vat waarvoor hy gewerk het.

12 Niemand moet goed wees vir hom nie, niemand moet jammer wees vir sy weeskinders nie.

13 Sy nageslag moet almal sterf, niemand moet hulle name ná een geslag onthou nie.

14 Die Here moet onthou dat hierdie man se voorvaders verkeerde dinge gedoen het en die Here moenie sy ma se sonde vergewe nie.

15 Die Here moet dit altyd onthou, en niemand moet nog dink aan hierdie man se voorouers nie.

16 Want hierdie man het nie onthou om te doen wat hy belowe het nie. Hy het mense gevolg en gejaag totdat hulle dood is, mense wat hulleself nie kan help nie, mense wat niks het nie en wat moedeloos is.

17 Hy het gehou daarvan om mense te vervloek, maar daardie slegte dinge moet nou met homself gebeur. Hy het nie daarvan gehou om mense te seën nie, en nou moet niemand hóm seën nie.

18 Hy het elke dag mense vervloek, dit was vir hom dieselfde soos om elke dag klere aan te trek. Nou moet dit alles met homself gebeur, alles wat hy gesê het. Die slegte dinge moet in hom ingaan soos die water wat hy drink, dit moet tot in sy bene ingaan soos die olie wat hy aan sy vel smeer.

19 Die slegte dinge moet by hom bly soos die klere wat hy aantrek, soos die belt wat hy elke dag dra.”

20 Die Here moet dit alles laat gebeur met die mense wat my beskuldig en wat vra dat dit sleg moet gaan met my.

21 Maar Here, my Here, ek behoort aan U, en daarom moet U my help. U moet my red, want U doen altyd wat U belowe het, en dit is goed.

22 U moet dit doen, want ek kan myself nie help nie, ek het niks, en ek het baie pyn.

23 Ek is besig om te verdwyn soos ’n skaduwee wat lank word, soos ’n sprinkaan wat afval wanneer iemand dit afskud van sy klere.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Ek het nie kos om te eet nie, my knieë is swak en ek is maer.

25Die mense wat my beskuldig, spot my, hulle is bly wanneer hulle sien wat met my gebeur.

26Here, my Here, U moet my help, U moet my red, U het belowe om dit te doen.

27Die mense wat my beskuldig, moet weet dat dit U is wat dit sleg laat gaan met my, Ú het hierdie dinge aan my gedoen.

28Ménse vervloek my, maar Ú sal my seën. Hulle het my aangeval, maar hulle sal verloor, en ek, u dienaar, sal bly wees.

29U moet hierdie mense verneder, die mense wat my beskuldig, hulle moet aanhou verloor.

30Ek wil aanhou om vir die Here dankie te sê, ek wil Hom prys waar baie mense dit kan hoor,

31want Hy help die mens wat niks het nie. Die Here red hom wanneer mense hom oordeel en sê dat hy skuldig is.

Psalm 110

Die Here sal langs jou wees

1Van Dawid. ’n Psalm. Die Here het vir my koning gesê: “Jy moet hier langs My sit, op die belangrikste plek, want Ek sal jou vyande verneder, en Ek sal hulle voor jou laat lê sodat jy jou voete op hulle kan sit.”

2Die Here is in Sion, Hy sal jou help om ’n sterk koning te wees. Hy sê: “Jy moet regeer oor jou vyande.”

3Jou soldate sal self kom wanneer jy oorlog wil maak, hulle sal gewyde klere dra. Jou jongmanne sal vir jou wees soos die dou vroeg in die oggend.

4Die Here het belowe, en dit sal so wees: Jy self sal altyd ’n priester wees soos Melgisedek ’n priester was.

5Die Here sal langs jou wees, Hy sal konings oorwin wanneer Hy kwaad is.

6Hy sal die Regter van die volke wees, Hy sal die hele aarde volmaak met hulle lyke, Hy sal die leiers oorwin.

7Die koning sal water drink uit die stroom langs die pad, en dan sal hy sy vyande oorwin.

Psalm 111

Mense moet die Here prys

© Bible Society of South Africa.

[1]Julle moet die Here prys. Ek wil vir die Here dankie sê in die gemeente, in die vergadering van mense wat eerlik lewe.

[2]Die Here het groot dinge gedoen. Almal wat bly is oor wat Hy gedoen het, onthou dit.

[3]Sy werk is soos die werk van ’n koning, Hy doen altyd reg aan mense.

[4]Hy laat ons dink aan sy wonderwerke. Die Here is goed vir mense wat swaarkry, Hy is genadig.

[5]Hy het kos gegee vir die mense wat Hom dien, Hy onthou altyd sy verbond.

[6]Hy het vir sy volk gewys hoe sterk Hy is toe Hy vir hulle die lande van die ander volke gegee het.

[7]Hy bly altyd dieselfde, en alles wat Hy doen, doen Hy reg. Sy wette verander nooit nie.

[8]Hulle is vir altyd en altyd daar. ’n Mens moet doen wat die wette sê, jy moet dit presies en eerlik doen.

[9]Toe die Here sy volk vrygemaak het, het Hy gesê dat sy verbond vir altyd daar sal wees. Hy is heilig, almal word bang wanneer hulle sy Naam hoor.

[10]As iemand wysheid wil kry, dan moet Hy die Here eer en dien, as iemand regtig verstandig wil word, dan moet hy doen wat die Here wil hê. Mense moet die Here prys, hulle moet Hom altyd prys.

Psalm 112

Dit gaan goed met iemand wat die Here dien

[1]Julle moet die Here prys. Dit gaan goed met iemand wat die Here dien en wat baie lief is om te doen wat die Here sê.

[2]Sy nageslag sal belangrike mense wees in die land. Dit sal goed gaan met die nageslag van eerlike mense.

[3]Hulle sal ryk word, hulle sal baie goed hê, en hulle sal altyd reg doen aan ander mense.

[4]Hulle is soos ligte wat in die donker skyn vir mense wat eerlik lewe, hulle is genadig en goed vir mense wat swaarkry, en hulle doen reg aan ander mense.

[5]Dit gaan goed met iemand wat genadig is en vir mense geld leen, met iemand wat eerlik is wanneer hy goed koop en verkoop,

[6]want mense wat reg doen, misluk nooit, en ander mense onthou hulle vir altyd.

[7]Hulle is nie bang om slegte nuus te kry nie, hulle vertrou dat die Here hulle sal help.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Hulle is nie bekommerd nie, nie bang nie, hulle weet hulle sal hulle vyande oorwin.

9Hulle gee baie vir arm mense, hulle doen altyd reg, en mense respekteer hulle.

10Wanneer mense wat verkeerd doen, dit sien, dan word hulle kwaad en byt hard op hulle tande. Mense wat verkeerd doen, kry niks van al die goed wat hulle graag wil hê nie.

Psalm 113

Almal moet die Naam van die Here prys

1Julle moet die Here prys! Dienaars van die Here, julle moet Hom prys, julle moet die Naam van die Here prys.

2Almal moet die Naam van die Here prys, nou en altyd.

3Almal moet die Naam van die Here prys, van waar die son opkom tot waar hy ondergaan.

4Die Here is hoog bo die volke, Hy is Koning van die hemel.

5Wie is soos ons God die Here? Hy sit hoog op sy troon,

6en Hy buig af om die hemel en die aarde te sien.

7Die Here tel die mens op uit die stof, die mens wat niks het nie. Hy laat die arm mens opstaan van die ashoop,

8en Hy laat hom sit by die belangrike mense, by die belangrike mense van sy volk.

9Wanneer ’n vrou nie kinders het nie, dan laat die Here haar ’n gelukkige ma word, en sy het haar eie huisgesin. Julle moet die Here prys.

Psalm 114

Die aarde moet bewe wanneer die Here kom

1Toe die volk Israel uit Egipte weggetrek het, toe die nageslag van Jakob weggegaan het van die volk wat die vreemde taal praat,

2toe het Juda die plek geword waar die tempel staan, en Israel het die land geword waaroor die Here regeer.

3Die see het dit gesien en hy het gevlug, die Jordaan-rivier het weggedraai.

4Die berge het gespring soos skaap-ramme, die heuwels het gespring soos lammers.

5See, hoekom vlug jy? Jordaan-rivier, hoekom draai jy weg?

6Berge, hoekom spring julle soos skaap-ramme? Heuwels, hoekom spring julle soos lammers?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Die aarde moet bewe wanneer die Here kom, wanneer die God van Jakob kom.

8Dit is Hý wat rotse verander het, dit het watergate geword, Hy het harde klippe verander, dit het water-fonteine geword.

Psalm 116

Ek is lief vir die Here

1Ek is lief vir die Here, want Hy luister wanneer ek tot Hom bid, wanneer ek vra dat Hy my moet help.

2Want Hy luister wanneer ek bid, daarom sal ek tot Hom bid so lank soos ek lewe.

3Bande van die dood was rondom my, ek was bang om na die doderyk te gaan, dit het sleg gegaan met my, ek het baie swaar gekry.

4Toe het ek tot die Here gebid en geroep: “Here, asseblief, red my lewe!”

5Die Here is genadig, Hy doen reg, ons God is goed vir mense wat swaarkry.

6Hy beskerm jongmense wat baie min weet, Hy het my gered toe ek moedeloos was.

7Ek moet nou ophou om bekommerd te wees, want die Here het goeie dinge gedoen aan my.

8Ja, U het gekeer sodat ek nie sterf nie, U het my gehelp, en ek het opgehou huil, U het gekeer sodat ek nie val nie.

9Nou lewe ek naby die Here tussen mense wat lewe.

10Ek het aangehou om te glo dat die Here my sal help, ook toe ek gedink het dat dit baie sleg gaan met my.

11Ek was baie bang, en ek het gedink daar is niemand wat ek kan vertrou nie.

12Die Here het baie goeie dinge vir my gedoen. Wat kan ek vir Hom doen?

13Ek sal ’n drank-offer bring en ek sal roep en sê: “Here!”

14Ek sal my geloftes aan die Here betaal waar die hele volk dit sien.

15Die lewens van die mense wat in die Here glo, is vir Hom kosbaar.

16Here, ek bid tot U, want ek behoort aan U, my ma het aan U behoort, en ek behoort aan U. U het die bande losgemaak wat my vasgehou het.

17Ek sal vir U ’n dank-offer bring, ek sal roep en sê: “Here!”

18Ek sal my geloftes aan die Here betaal waar sy volk dit kan sien, ek sal al die geloftes betaal.

19Ek sal dit doen op die oop stuk grond by die tempel, binne-in jou, Jerusalem. Julle moet die Here prys!

© Bible Society of South Africa.

Psalm 117

Al die volke moet die Here prys

1Al die volke moet die Here prys, al die mense moet Hom prys,

2want Hy doen altyd wat Hy belowe het, Hy bly altyd dieselfde. Julle moet die Here prys!

Psalm 118

Ek sal vir almal vertel wat die Here gedoen het

1Julle moet vir die Here dankie sê, want Hy is goed, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

2Die volk Israel moet sê: “Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.”

3Die Aäron-familie moet sê: “Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.”

4Die mense wat die Here dien, moet sê: “Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.”

5Toe dit sleg gegaan het met my, het ek geroep en gevra dat die Here my moet help. Die Here het my geantwoord en Hy het my vrygemaak.

6Wanneer die Here by my is, dan is ek nie bang nie. Dan kan ander mense niks aan my doen nie.

7Wanneer die Here by my is en Hy help my, dan sal ek die mense oorwin wat my haat.

8Dit is beter om te vra dat die Here jou moet beskerm, beter as om te dink dat mense jou sal help.

9Dit is beter om te vra dat die Here jou moet beskerm, beter as om te dink dat belangrike mense jou sal help.

10Wanneer baie volke my aanval van al die kante, dan sal ek hulle terugjaag, want die Here help my.

11Wanneer hulle my aanval van al die kante, ja, wanneer hulle my van al die kante aanval, dan sal ek hulle terugjaag, want die Here help my.

12Wanneer hulle my van al die kante aanval soos bye en hulle word moeg soos doringtakke wat verbrand, dan sal ek hulle terugjaag, want die Here help my.

13Ek het amper geval, maar die Here het my gehelp.

14Die Here gee vir my krag, Hy maak my sterk, Hy laat my wen teen my vyande.

15Luister hoe sing die mense wat reg lewe in hulle huise, hulle sing want hulle het gewen. Die Here het sy hand opgetel en Hy het hulle gehelp, Hy het hulle laat wen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Die Here het sy hand hoog opgetel, Hy het hulle ver laat wen.

17Ek sal nie sterf nie, ek sal lewe en ek sal vertel wat die Here gedoen het.

18Die Here het my swaar gestraf maar Hy het my nie laat sterf nie.

19Julle moet vir my die poorte oopmaak waar die Here die Regter is, ek wil deur die poorte gaan en vir die Here dankie sê.

20Hier is die poort van die Here, mense wat reg gedoen het, kan daardeur gaan.

21Ek wil vir U dankie sê, want U het my geantwoord, U het my gered.

22Die klip wat die bouers nie wou gebruik nie, daardie klip het die belangrikste klip in die gebou geword.

23Die Here het dit laat gebeur, dit was vir ons 'n wonderwerk.

24Hierdie is die dag wat die Here gemaak het, ons moet juig en bly wees daaroor.

25Here, ons vra vir U, red ons asseblief, ons vra vir U, laat dit asseblief goed gaan met ons!

26Ons groet elke persoon wat kom omdat die Here hom gestuur het, ons is in die tempel en ons groet julle.

27Die Here is God, Hy het vir ons die lig laat skyn. Julle moet die fees begin, julle moet takke neem en julle moet dit bring na die horings van die altaar.

28U is my God, ek wil vir U dankie sê, my God, ek wil vir U prys.

29Julle moet vir die Here dankie sê, want Hy is goed, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

Psalm 119

Dit gaan goed met mense wat doen wat die Here sê

1Dit gaan goed met die mense wat heeltemal reg lewe, die mense wat lewe soos die Here vir hulle geleer het.

2Dit gaan goed met mense wat doen wat die Here sê en wat met hulle hele hart naby Hom wil wees.

3Hulle is ook mense wat nie verkeerde dinge doen nie en wat lewe soos die Here wil hê.

4U het self vir ons gesê wat ons moet doen, en ons moet dit presies so doen.

5Ek bid dat ek sal aanhou om te lewe soos u wette sê.

6Wanneer ek gehoorsaam is aan al u gebooie, dan sal ek altyd weet wat om te doen.

© Bible Society of South Africa.

7Wat U besluit, is altyd reg. Wanneer ek dit geleer het, dan sal ek vir U dankie sê met my hele hart.

8Ek sal doen wat u wette sê, U moet my nie heeltemal alleen los nie.

9Wat moet jongmense doen sodat hulle kan weet hoe hulle moet lewe? Hulle moet doen wat U sê.

10Ek wil naby U wees met my hele hart, U moet keer dat ek nie ongehoorsaam is aan u gebooie nie.

11Ek dink altyd aan wat U gesê het, dit keer my dat ek nie sonde doen teen U nie.

12Here, ek prys U, U moet vir my leer wat u wette sê.

13Ek wil vir die mense alles sê wat U besluit het.

14Dit maak my bly om te lewe soos U sê, so bly soos wanneer ’n mens alles het wat hy nodig het.

15Ek sal dink aan wat U beveel het, ek sal goed luister na wat U wil hê.

16Ek sal altyd bly wees oor u wette, ek sal nie vergeet wat U gesê het nie.

17As U goed is vir my, u dienaar, dan sal ek lewe en ek sal doen wat U gesê het.

18U moet my oë oopmaak, sodat ek kan sien hoe wonderlik die dinge is wat U vir ons leer.

19Ek sal nie lank hier op die aarde wees nie, U moet vir my leer wat u gebooie sê.

20My hart is seer, want ek verlang altyd om te hoor wat U besluit het.

21U praat kwaai met die hoogmoedige mense, U het hulle vervloek. Hulle is die mense wat nie wil doen wat u gebooie sê nie.

22U moet keer dat mense my nie spot en verneder nie, want ek doen wat U sê.

23Ook wanneer belangrike mense saam planne maak teen my, dan sal ek, u dienaar, altyd aan u wette dink.

24Wat U sê, maak my bly, dit sê vir my wat ek moet doen.

25Wanneer dit sleg gaan met my, dan moet U my laat aanhou lewe, soos U gesê het.

26Toe ek vir U vertel het van my lewe, toe het U my geantwoord. U moet vir my leer wat u wette sê.

27U moet my help om te verstaan wat U beveel, sodat ek oor u wonderwerke kan dink.

28Ek smelt weg van die pyn, U moet my regop hou, soos U gesê het.

29U moet keer dat ek nie vals lewe nie, U moet genadig wees vir my en vir my leer.

© Bible Society of South Africa.

30Ek het gekies om eerlik te lewe, ek het onthou wat U besluit het.

31Here, ek hou vas aan wat U sê, U moet my help om te weet wat ek moet doen.

32Ek wil graag lewe soos u gebooie sê, want U sal my help om dit te verstaan.

33U moet vir my leer wat u wette beteken, sodat ek altyd kan doen wat die wette sê.

34U moet my help om te verstaan, sodat ek kan doen wat U vir my leer en sodat ek daaraan gehoorsaam kan wees met my hele hart.

35U moet my laat lewe soos u gebooie sê, want dit is vir my lekker.

36U moet my help sodat ek graag sal wil doen wat U sê en nie sal kies om ryk te word nie.

37U moet my help sodat ek nie dinge wil hê wat niks beteken nie, U moet my laat lewe soos U wil hê.

38U moet vir my doen wat U belowe het, vir my, u dienaar, want U het dit belowe vir mense wat vir U dien.

39U moet keer dat mense my nie spot nie, ek is bang daarvoor, want wat U besluit, is goed.

40U moet dit weet, ek wil graag hoor wat U beveel, U sal reg doen en my laat aanhou lewe.

41Here, U moet vir my doen wat U belowe het, U moet my red, U het dit belowe.

42Dan sal ek die mense kan antwoord wat my spot, want ek glo dat U sal doen wat U gesê het.

43En U moet my help om altyd die waarheid te praat, want ek glo dat U sal doen wat U besluit het.

44En ek sal aanhou doen wat U vir my leer, altyd en altyd.

45En ek sal lewe soos ’n vry mens, want ek het probeer doen wat U beveel het.

46En ek sal vir konings vertel wat U sê, ek sal weet wat om te sê.

47Ek sal aanhou bly wees oor u gebooie, ek is lief vir hulle.

48Ek respekteer u gebooie, ek is lief vir hulle, ek sal aanhou dink oor u wette.

49U moenie vergeet wat U vir my gesê het nie, vir my, u dienaar. Dit het my laat hoop dat U my sal help.

50Toe dit sleg gegaan het met my, het u woorde dinge verander vir my, want die dinge wat U belowe het, het my laat aanhou lewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

51Toe hoogmoedige mense my baie gespot het, het ek nie opgehou om te doen wat
U vir my geleer het nie.

52Here, wanneer ek dink aan wat U lank gelede besluit het, dan voel ek beter.

53Die mense wat verkeerd doen, maak my kwaad, dit is húlle wat nie doen wat U vir
ons geleer het nie.

54Ek sal sing oor u wette, so lank soos ek op hierdie aarde lewe.

55Here, ek dink ook in die nag aan u Naam, en ek doen wat U vir ons geleer het.

56Dit het met my gebeur omdat ek doen wat U beveel het.

57Here, ek het net vir U, ek het belowe dat ek sal doen wat U gesê het.

58Ek soebat en vra vir U met my hele hart, U moet genadig wees vir my, soos U
belowe het.

59Wanneer ek dink aan hoe ek lewe, dan dink ek altyd weer aan wat U gesê het.

60Ek is haastig, ek wag nie, ek wil gehoorsaam wees aan u gebooie.

61Wanneer mense wat verkeerd doen, vir my in hulle vangnet wil vang, dan vergeet
ek nie wat U vir ons geleer het nie.

62Ek staan in die middel van die nag op om vir U dankie te sê, want alles wat U
besluit het, is reg.

63Ek is ’n vriend van al die mense wat vir U dien en wat doen wat U beveel.

64Here, U doen wat U belowe het, oral op die aarde, U moet vir my leer wat u wette
sê.

65Here, U het goed gedoen aan my, u dienaar, dit is soos U gesê het.

66U moet vir my leer om te weet wat is reg en wat is verkeerd, want ek glo dat u
gebooie reg is.

67Voordat dit met my so sleg gegaan het, het ek verkeerd gelewe, maar nou doen ek
wat U sê.

68U is goed en U doen goed, U moet vir my leer wat u wette sê.

69Hoogmoedige mense lieg en hulle praat sleg van my, maar ek doen wat U beveel
met my hele hart.

70Hulle wil nie verstaan wat U vir ons sê nie, maar ek geniet wat U vir ons leer.

71Dit was vir my goed dat U my laat swaarkry het, want so het ek geleer wat u wette
sê.

72Die dinge wat U vir my leer, is beter as duisende stukke goud en silwer.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

73Ú het my gemaak en Ú het my laat lewe, U moet vir my leer sodat ek u gebooie kan ken.

74Die mense wat vir U dien, sal na my kyk en hulle sal bly wees, want hulle sal sien ek glo dat U sal doen wat U gesê het.

75Here, ek weet dat U reg besluit, en dat U my laat swaarkry het omdat U gesê het U sal dit doen.

76U moet doen wat U belowe het, dit sal dinge beter maak vir my. U het dit vir my gesê, vir my, u dienaar.

77U moet jammer wees vir my sodat ek kan lewe, want ek geniet wat U vir my leer.

78U moet die hoogmoedige mense laat verloor, want hulle het vir my gelieg en hulle het my verlei. Ék wil dink aan wat U beveel het.

79U moet die mense wat vir U dien, na my toe laat kom, sodat hulle kan leer wat U gesê het.

80Ek wil heeltemal gehoorsaam wees aan u wette, sodat niemand my kan verneder nie.

81Ek wag en verlang daarna dat U my sal red, ek is seker dat U sal doen wat U gesê het.

82My oë is moeg, want ek hou aan om te kyk wanneer U dit weer goed sal laat gaan met my soos U belowe het.

83Ja, ek het geword soos ’n velsak wat in die rook hang, maar ek vergeet nie u wette nie.

84Ek is u dienaar. Hoe lank sal ek nog lewe? Wanneer straf U die mense wat my volg en jaag?

85Die hoogmoedige mense het gate gegrawe sodat ek daarin moet val, húlle is die mense wat nie doen wat U vir ons geleer het nie.

86Al u gebooie staan vas, dit verander nooit. Ek het niks verkeerd gedoen nie, maar mense volg my en jaag my. U moet my help.

87Ek het gedoen wat U beveel het, maar hulle het my amper doodgemaak.

88U moet my laat aanhou lewe, soos U belowe het, sodat ek kan doen wat U sê.

89Here, die dinge wat U vir ons gesê het, is altyd waar, dit staan vas in die hemel, dit verander nooit.

90U bly dieselfde vir elke geslag. U het die aarde gesit waar dit is, en dit is nog altyd daar.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

91Alles is vandag nog daar, soos U besluit het, want almal doen wat U sê.

92Ek het geniet wat U vir ons leer. As dit nie so was nie, dan het ek gesterf, want ek kry swaar.

93Ek sal nooit vergeet wat U beveel het nie, want U het my so laat lewe.

94Ek behoort aan U, en U moet my red, want ek probeer om te doen wat U beveel.

95Die mense wat verkeerd doen, is gereed om my dood te maak, maar ek dink net aan wat U gesê het.

96Ek het gesien dat niks vir altyd aanhou nie, alles het ’n einde, maar u gebooie is oral en altyd daar.

97Ek is baie lief vir die dinge wat U vir my leer, ek dink die hele dag daaroor.

98U gebooie gee vir my wysheid, meer wysheid as wat my vyande het, want ek onthou altyd u gebooie.

99Ek is verstandiger as almal wat vir my geleer het, want ek dink aan wat U gesê het.

100Ek is slimmer as mense wat ouer is as ek, want ek doen wat U beveel het.

101Ek doen niks wat verkeerd is nie, ek wil doen wat U gesê het.

102Ek hou aan om te doen wat U besluit, want U self leer vir my.

103Dit is lekker om te praat oor die dinge wat U belowe het, dit is lekkerder as heuning.

104Ek verstaan wat U beveel het, daarom haat ek alles wat vals is.

105Die dinge wat U vir ons gesê het, is vir my soos ’n lamp wanneer ek in die donker loop, dit wys vir my hoe ek moet lewe.

106Ek het belowe, en ek sal dit doen: Ek sal doen wat U besluit, want U besluit reg.

107Dit gaan baie baie sleg met my, U moet my laat aanhou lewe, soos U gesê het.

108Here, die dinge wat ek vir U sê, is offers wat ek graag vir U bring. U moet dit asseblief aanvaar en U moet vir my leer om te verstaan wat U besluit.

109Daar is altyd mense wat my wil doodmaak, maar ek vergeet nie wat U vir ons geleer het nie.

110Die mense wat verkeerd doen, wil my vang soos ’n mens voëls vang in ’n vangnet, maar ek hou aan om te doen wat U beveel.

111Ek wil altyd onthou wat U sê, want dit maak my baie bly.

112Ek het besluit om altyd te doen wat u wette sê, so lank soos ek lewe.

© Bible Society of South Africa.

113Ek hou nie van mense wat skynheilig is nie, maar ek is lief vir wat U vir ons geleer het.

114By U is ek veilig, U beskerm my, ek weet U sal doen wat U gesê het.

115Slegte mense moenie naby my kom nie, sodat ek kan doen wat die gebooie van my God sê.

116U moet my regop hou, soos U belowe het, dan sal ek aanhou lewe, U moet my help, sodat ek kan aanhou hoop.

117Wanneer U my regop hou, dan is ek veilig en dan kyk ek altyd wat u wette sê.

118U hou nie van mense wat ongehoorsaam is aan u wette nie, want hulle is vals, hulle wil mense bedrieg.

119U los al die mense wat verkeerd doen, hulle is soos skuim wat niks beteken nie. Daarom is ek lief vir wat U sê.

120Ek is bang vir U, ek bewe, ek is bang vir wat U besluit.

121Ek het reg gedoen aan mense en ek het gelewe soos U wil hê. U moenie vir my los sodat mense my verdruk nie.

122U moet vir my, u dienaar, belowe dat U dit goed sal laat gaan met my. U moenie dat hoogmoedige mense my verdruk nie.

123My oë is moeg, want ek hou aan om te kyk wanneer U my sal red. Ek hou aan om te luister na wat U sê, want wat U sê, is reg.

124U moet vir my, u dienaar, doen wat U belowe het, U moet vir my leer wat u wette sê.

125Ek is u dienaar, U moet my verstandig maak sodat ek kan verstaan wat U sê.

126Here, U moet nou iets doen aan die mense wat nie doen wat U vir ons geleer het nie.

127Waarlik, ek is meer lief vir u gebooie as vir goud, ja, goeie goud.

128Waarlik, ek probeer altyd om alles te doen wat U beveel, ek hou nie van iets wat vals is nie.

129Wat U sê, is wonderlik, daarom doen ek wat U sê.

130Wanneer mense verstaan wat U gesê het, dan is dit vir hulle soos ’n lig, dit wys vir jongmense wat hulle moet doen.

131Ek is honger vir u gebooie, so honger soos ’n dier wat sy bek wyd oopmaak omdat hy honger is.

© Bible Society of South Africa.

[132]U moet luister en genadig wees vir my, soos U altyd doen vir die mense wat lief is vir u Naam.

[133]U moet my help, sodat ek kan aanhou om te lewe soos U sê. U moenie dat sonde oor my regeer nie, nie een sonde nie.

[134]U moet keer, mense moenie vir my verdruk nie, dan sal ek kan doen wat U beveel.

[135]U moet naby my wees, naby my, u dienaar, en U moet vir my leer wat u wette sê.

[136]My trane loop soos strome water omdat mense nie doen wat U vir ons geleer het nie.

[137]Here, U doen reg, U besluit reg.

[138]Alles wat U gesê het, is reg, mense kan dit altyd glo.

[139]Ek word baie kwaad wanneer my vyande vergeet wat U gesê het.

[140]Die dinge wat U sê, is baie waar. Ek, u dienaar, is lief vir wat U sê.

[141]Ek is klein en onbelangrik maar ek het nie vergeet wat U beveel het nie.

[142]U doen reg en U sal altyd reg doen, die dinge wat U vir ons geleer het, bly dieselfde.

[143]Toe ek swaargekry het en toe dit sleg gegaan het met my, was dit vir my lekker om u gebooie te hou.

[144]Wat U sê, is altyd reg, U moet my help om dit te verstaan, sodat ek kan aanhou lewe.

[145]Here, ek roep en ek vra dat U my moet help, ek vra dit met my hele hart. U moet my antwoord, ek wil doen wat u wette sê.

[146]Ek roep en ek vra dat U my moet red, sodat ek kan doen wat U sê.

[147]Ek staan op voordat die son opkom en ek vra dat U my moet help, ek weet U sal doen wat U gesê het.

[148]Ek bly die hele nag wakker, sodat ek kan dink aan wat U belowe het.

[149]Here, U doen wat U belowe het en wat U besluit het. U moet luister na wat ek vra, U moet my laat aanhou lewe.

[150]Die mense is naby wat my volg en jaag om my seer te maak, maar hulle is ver van wat U vir ons geleer het.

[151]Here, U is naby en u gebooie verander nie.

[152]Ek weet van die begin af wat U gesê het, want u woorde bly altyd waar.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

153U moet kyk hoe sleg dit met my gaan en U moet my red, want ek het nie vergeet wat U vir ons geleer het nie.

154U moet my help wanneer mense my beskuldig, U moet my vrymaak, soos U belowe het, U moet my laat aanhou lewe.

155U sal nie die mense red wat verkeerd lewe nie, want hulle probeer nie om te doen wat u wette sê nie.

156Here, U is baie genadig, U het so besluit, U moet my laat aanhou lewe.

157Daar is baie vyande wat my volg en jaag, maar ek hou aan om te doen wat U sê.

158Wanneer ek sien hoe ontrou mense is, dan wil ek naar word. Hulle is mense wat nie doen wat U sê nie.

159Here, U moet kyk hoe lief is ek vir wat U beveel, U moet my laat aanhou lewe, soos U belowe het.

160Alles wat U gesê het, bly dieselfde, alles wat U besluit, is altyd reg.

161Ek het niks verkeerd gedoen nie, maar belangrike mense volg my en jaag my. Ek is nie bang vir hulle nie, ek is bang vir wat U gesê het.

162Ek is so bly oor wat U belowe het, so bly soos wanneer ek baie goed kry wat ek vir my kan vat.

163Ek haat dit wanneer mense vals is, ek hou niks daarvan nie. Ek is lief vir wat U vir ons geleer het.

164Ek prys U sewe maal elke dag omdat alles wat U besluit, reg is.

165Dit gaan baie goed met mense wat lief is vir wat U vir ons geleer het. Daar gebeur niks wat sleg is met hulle nie.

166Here, ek weet U sal my red en ek doen wat u gebooie sê.

167Ek hou aan om te doen wat U sê, ek is baie lief daarvoor.

168Ek hou aan om te doen wat U beveel en wat U sê, want U sien altyd hoe ek lewe.

169Here, U moet hoor wat ek bid, U moet my help om te verstaan wat U sê.

170U moet luister wanneer ek tot U bid, U moet my red, soos U belowe het.

171Ek sal aanhou om U te prys, want U leer vir my u wette.

172Ek sal sing oor wat U belowe het, want al u gebooie is reg.

173U moet my help, want ek het gekies om te doen wat U beveel het.

174Here, ek verlang daarna dat U my moet red, ek geniet wat U vir ons geleer het.

© Bible Society of South Africa.

175U moet my laat aanhou lewe, sodat ek U kan prys. Die dinge wat U besluit het, moet my help.

176Ek het verdwaal soos ’n skaap wat weggeraak het, U moet my soek, vir my, u dienaar, want ek het nie u gebooie vergeet nie.

Psalm 120

Ek wil vrede hê

1’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Toe dit sleg gegaan het met my, het ek geroep en gevra dat die Here my moet help, en Hy het my geantwoord.

2Ek het gevra: “Here, U moet my red van mense wat lieg en bedrieg.”

3Julle wat vir ander mense bedrieg, weet julle hoe die Here julle sal straf?

4Hy sal julle straf met die skerp pyle van soldate, met die warm kole vuur van besembos-hout.

5Dit gaan sleg met my, want dit voel of ek in die land Mesek woon of tussen die tente van die land Kedar.

6Ek het baie lank gewoon tussen mense wat nie hou van vrede nie, te lank.

7Ek wil vrede hê, maar wanneer ek oor vrede praat, dan wil hulle oorlog hê.

Psalm 121

Die Here sal jou beskerm

1’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Ek kyk op na die berge en ek vra: “Van waar sal iemand kom om my te help?”

2Dit is die Hére wat my sal help, die Here wat die hemel en die aarde gemaak het.

3Hy sal keer dat jy nie val nie, Hy beskerm jou, Hy slaap nie.

4Die Here slaap nooit, dit is seker, Hy beskerm die volk Israel.

5Die Here beskerm jou, Hy is altyd langs jou om jou te beskerm.

6Die son sal jou nie siek laat word in die dag nie, en die maan ook nie in die nag nie.

7Die Here sal jou beskerm teen alles wat sleg is, jou lewe sal veilig wees.

8Die Here sal jou beskerm, oral waar jy gaan, nou en vir altyd.

Psalm 122

Julle moet bid dat Jerusalem vrede sal hê

© Bible Society of South Africa.

[1]’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Ek was bly toe mense vir my gesê het: “Kom ons gaan na die huis van die Here.”

[2]Jerusalem, ons het daar in jou poorte gestaan.

[3]Die mense het Jerusalem goed gebou, die huise staan vas teen mekaar.

[4]Dit is die stad waarnatoe die stamme kom, die stamme van die Here. Hy het gesê die Israeliete moet daar vir Hom kom dankie sê.

[5]Want dit is waar die trone staan waar die koning moet oordeel, die trone van die stamme van Dawid.

[6]Julle moet bid dat Jerusalem vrede sal hê. Julle moet sê: “Ons bid dat die mense wat lief is vir jou, veilig sal woon.

[7]Ons bid dat daar vrede sal wees binne jou mure, ons bid dat die mense in jou mooi huise veilig sal wees.”

[8]Ek dink aan my broers en my vriende, en daarom wil ek sê: Asseblief, Jerusalem, daar moet vrede wees in jou.

[9]Ek dink aan die tempel van ons God, en daarom bid ek dat dit goed sal gaan met jou, Jerusalem.

Psalm 123

Here, U moet genadig wees vir ons

[1]’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Here, U wat in die hemel op u troon sit, ek kyk op na U toe.

[2]U moet weet, ons kyk na ons God die Here soos slawe kyk na hulle eienaars, soos ’n slavin kyk na die vrou aan wie sy behoort, en ons wag dat Hy genadig moet wees vir ons.

[3]Here, U moet genadig wees vir ons, genadig, want ons wil hê dat mense moet ophou om ons te verneder.

[4]Ons wil hê dat hoogmoedige mense moet ophou om ons te spot en te verneder.

Psalm 124

Dit is die Here wat vir ons gehelp het

[1]’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Van Dawid. “As die Here ons nie gehelp het nie,” dit moet die Israeliete sê, dit moet hulle doen,

[2]“as die Here ons nie gehelp het toe mense ons aangeval het nie,

[3]dan het die mense ons lewendig ingesluk omdat hulle kwaad was vir ons,

© Bible Society of South Africa.

4dan het die water ons weggespoel, en dan het die waterstroom oor ons gevloei,

5dan het die groot branders bo-oor ons gespoel.

6Ons prys die Here, Hy het ons nie gelos sodat die vyande ons kan op-eet nie.

7Ons is soos ’n voël wat vry weggekom het uit die vangnet van die voëlvanger. Die net het gebreek, en ons het vry weggekom.

8Dit is die Hére wat vir ons gehelp het, die Here wat die hemel en die aarde gemaak het.”

Psalm 125

Ons bid dat Israel vrede sal hê

1’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Die mense wat glo dat die Here hulle sal help, is soos die Sionsberg wat nie val nie en wat altyd daar is.

2Daar is berge rondom Jerusalem, en so beskerm die Here ook sy volk, nou en vir altyd.

3’n Koning wat self verkeerd doen, sal nie aanhou om te regeer oor die land wat behoort aan mense wat reg doen nie. As dit gebeur, dan sal die mense wat reg doen, ook verkeerd begin doen.

4Here, U moet goed doen aan goeie mense, aan die mense wat eerlik is.

5Maar die Here sal die mense straf wat opgehou het om te lewe soos die Here wil hê. Hy sal hulle straf saam met die mense wat slegte dinge doen. Ons bid dat Israel vrede sal hê.

Psalm 126

U moet dit weer beter laat gaan met ons

1’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Dit was vir ons soos ’n droom toe die Here dit beter laat gaan het met Sion.

2Toe het ons gelag en gesing, toe het ander mense gesê: “Die Here het groot dinge gedoen vir hierdie mense.”

3Die Here hét groot dinge gedoen vir ons, en ons was bly.

4Here, U moet dit weer beter laat gaan met ons. Dit moet wees soos wanneer daar weer water vloei in die droë slote in die Suid-land.

5Mense wat huil wanneer hulle koring saai, sal sing wanneer hulle die koring afsny.

6Iemand wat loop en huil terwyl hy die saadsak dra, sal loop en sing wanneer hy die gerwe dra wat hy afgesny het.

© Bible Society of South Africa.

Psalm 127

As die Here nie ’n huis bou nie

1’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Van Salomo. As die Here nie ’n huis bou nie, dan help dit nie dat die bouers hard werk om die huis te bou nie. As die Here nie ’n stad beskerm nie, dan help dit nie dat die wagte wakker bly nie.

2Dit help nie dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap nie, dit help nie dat julle hard werk om te kan lewe nie, want die Here sorg vir die mense vir wie Hy lief is, Hy gee vir hulle alles wat hulle nodig het, ook terwyl hulle slaap.

3Julle moet onthou dit is die Here wat vir ’n mens seuns gee, kinders is presente van die Here.

4Seuns wat gebore is toe hulle pa nog jonk was, is soos pyle wat iemand vashou, iemand wat oorlog moet maak.

5Dit gaan goed met ’n man vir wie die Here baie seuns gegee het, hy is nie bang dat hy sal verloor wanneer hy met die vyande in die poort praat nie.

Psalm 128

Ek bid dat Jerusalem vrede sal hê

1’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Dit gaan goed met almal wat die Here dien, almal wat lewe soos Hy wil hê.

2As jy dit doen en as jy hard werk, dan sal jy genoeg hê om van te lewe. Dit sal goed gaan met jou, en jy sal ryk word.

3Jou vrou in jou huis sal wees soos ’n wingerdstok wat baie druiwe dra. Jou kinders by jou tafel sal wees soos jong olyfboompies.

4Jy moet onthou, dit is hoe die Here die persoon sal seën wat Hom dien.

5Ek bid dat die Here in Sion jou sal seën. Ek bid dat jy sal sien dat dit goed gaan met Jerusalem, so lank soos jy lewe,

6en dat jy jou kinders se kinders sal sien. Ek bid dat Jerusalem vrede sal hê.

Psalm 129

Ek bid dat almal wat vir Sion haat, sal verloor

1’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. “Ek het baie vyande gehad vandat ek jonk was,” dit moet die volk Israel sê,

2“ek het baie vyande gehad vandat ek jonk was, maar hulle kon my nie wen nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Hulle het my rug stukkend geslaan met swepe. Dit het gelyk soos wanneer iemand geploeg het en die grond stukkend gebreek het.

4Die Here het reg gedoen, Hy het die toue losgesny waarmee die mense my vasgebind het, die mense wat verkeerd doen.

5Ek bid dat almal wat vir Sion haat, sal verloor en sal verdwyn.

6Ek bid dat hulle sal wees soos gras op huise se dakke, gras wat droog word voordat dit mooi gegroei het.

7Niemand kan dit afsny en die gerwe vasbind nie.

8Niemand sal verbykom en sê: 'Ons bid dat die Here julle sal seën' nie. Niemand sal sê: 'Ons seën julle, ons weet dat die Here julle sal seën' nie."

Psalm 130

Ek verlang na die Here

1'n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Here, ek is in diep water, ek roep en ek vra dat U my moet help.

2My Here, U moet hoor, U moet luister, ek soebat en ek vra dat U my moet help.

3Here, as U aangehou het om te dink aan die sondes wat mense doen, Here, wie sou dan nog kon lewe?

4Maar U vergewe mense se sondes, U wil hê dat hulle U moet dien.

5Ek wag vir die Here, ek verlang na Hom, ek glo dat Hy sal doen wat Hy gesê het.

6Ek verlang na die Here, ek verlang meer as wagte wat verlang dat dit oggend moet word, meer as wagte wat verlang dat dit oggend moet word.

7Israeliete, julle moet in die Here glo, want die Here doen altyd wat Hy belowe het, Hy red ons altyd weer.

8Hy sal sy volk Israel red van al hulle sondes.

Psalm 131

Julle moet glo dat die Here julle sal help

1'n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Van Dawid. Here, ek dink nie dat ek belangrik is nie, ek is nie hoogmoedig nie, ek probeer nie om dinge te doen wat vir my te moeilik is nie.

2Nee, ek is tevrede met wat ek is, ek is soos 'n kind wat nie meer aan sy ma drink nie, 'n kind wat gelukkig is by sy ma.

3Israeliete, julle moet glo dat die Here julle sal help, nou en vir altyd.

© Bible Society of South Africa.

Psalm 132

Die Here het vir Sion gekies

1 ’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Here, U moet dink aan Dawid, U moet
dink aan al sy probleme.

2 Dawid het vir die Here iets belowe, hy het ’n gelofte gemaak aan die Sterk God van
Jakob. Dawid het gesê:

3 “Ek sal nie in my huis ingaan en op my bed gaan lê nie,

4 ek sal nie gaan slaap nie,

5 ek sal eers vir die Here ’n plek kry, ek sal eers vir die Sterk God van Jakob ’n
woonplek kry.”

6 Ons het in die stad Efrata gehoor van die kis van God, ons het die kis gekry in die
Jaär-veld.

7 Ons het gesê: “Kom ons gaan na die woonplek van die Here, kom ons gaan buig by
sy troon.”

8 Here, U moet nou kom, U moet altyd hier wees, U en die kis wat wys dat U regeer.

9 U priesters moet die regte klere dra, die mense wat aan U behoort, moet sing.

10 Dawid was u dienaar, daarom moet U nie nou die koning, u gesalfde, los nie.

11 Die Here het vir Dawid belowe, en die Here sál doen wat Hy belowe het. Hy het
gesê: “Ek sal iemand van jou nageslag op jou troon laat sit.

12 As die konings wat ná jou koning sal word, doen wat my verbond sê, as hulle
gehoorsaam is aan my wette wat Ek vir hulle geleer het, dan sal hulle seuns ook altyd
en altyd op jou troon sit.”

13 Ja, die Here het vir Sion gekies, Hy wou hê dit moet sy woonplek wees.

14 Hy het gesê: “Hier wil Ek wees, altyd en altyd, hier wil Ek woon, want dit is wat Ek
wil hê.

15 Ek sal vir die mense in die stad gee wat hulle nodig het, Ek sal dit altyd meer laat
word, Ek sal vir die mense wat niks het nie meer as genoeg gee om te eet.

16 Die priesters in die stad sal altyd weet dat Ek hulle sal red, die mense wat in My
glo, sal sing en sing.

17 Ek sal daar vir Dawid ’n seun gee, en die seun sal regeer, Ek sal ’n lamp laat skyn vir
my gesalfde.

18 Ek sal sy vyande altyd laat verloor, maar die kroon sal altyd op sy kop blink.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Psalm 133

Dit is mooi wanneer broers in vrede saam woon

1 ’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Van Dawid. Julle moet dit weet: Dit is
goed, dit is mooi wanneer broers in vrede saam woon.

2 Dit is soos wanneer goeie olyf-olie afloop van die kop tot op die baard, die baard
van Aäron, en dan verder afloop op die kraag van sy klere.

3 Dit is soos die dou van Hermon-berg wat afloop tot op die Sion-berge. Want daar
op die Sion-berge het die Here sy volk geseën, Hy het vir hulle die lewe gegee wat
altyd aanhou.

Psalm 134

Julle moet die Here prys

1 ’n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Luister, julle almal wat dienaars van
die Here is, julle wat in die nag in die tempel werk, julle moet die Here prys.

2 Julle moet julle hande uitsteek na die gewyde plek en julle moet die Here prys.

3 Die Here wat die hemel en die aarde gemaak het, is in Sion, en ek bid dat Hy jou
sal seën.

Psalm 135

Julle moet die Here prys

1 Julle moet die Here prys, julle moet die Naam van die Here prys. Dienaars van die
Here, julle moet Hom prys,

2 julle wat in die tempel werk en op die oop stukke grond van die tempel van ons
God.

3 Julle moet die Here prys, want die Here is goed, julle moet sing en sy Naam prys,
want sy Naam is mooi.

4 Want die Here het vir Jakob gekies vir Homself, Hy het vir Israel gekies om sy eie
volk te wees.

5 Ja, ek weet dit, die Here is groot, ons Here is groter as al die gode.

6 Die Here doen alles wat Hy wil doen, in die hemel en op die aarde, in die see en
die diep water.

7 Dit is die Here wat die wolke laat opkom van die kante van die aarde, dit is Hý wat
die weerlig maak vir die reën, dit is Hý wat die wind laat uitkom uit sy stoorkamers.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8Dit is Hy wat die eerstes in Egipte laat sterf het, die eerste kinders van mense en die
eerste lammers en kalwers van die diere.

9Hy het tekens en wonderwerke gedoen in Egipte, Hy het dit gedoen teen die farao
en al sy amptenare.

10Dit is die Here wat baie volke oorwin het en wat sterk konings laat sterf het:

11Hy het koning Sihon van die Amoriete laat sterf, en koning Og van Basan, en al die
konings van die land Kanaän.

12En toe het die Here húlle lande gegee vir sy volk Israel, dit het die Israeliete se land
geword.

13Here, almal sal altyd u Naam ken, elke nuwe geslag sal weet van U.

14Want die Here sal reg doen aan sy volk, Hy sal weer jammer wees vir sy dienaars.

15Die volke se afgode is van silwer of goud, mense het hulle gemaak.

16Die afgode het monde, maar hulle kan nie praat nie, hulle het oë, maar hulle kan
nie sien nie,

17hulle het ore, maar hulle kan nie hoor nie, hulle haal ook nie asem nie.

18Die mense wat die afgode gemaak het, is soos hulle, en almal wat in hulle glo, is
ook soos hulle.

19Israeliete, julle moet die Here prys, nageslag van Aäron, julle moet die Here prys,

20 nageslag van Levi, julle moet die Here prys, julle almal wat die Here dien, julle
moet die Here prys.

21Ons prys die Here in Sion, ons prys Hom wat in Jerusalem woon. Julle moet die
Here prys.

Psalm 136

Julle moet dankie sê vir die God van die hemel

1Julle moet dankie sê vir die Here, want Hy is goed, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe
het.

2Julle moet dankie sê vir die God van die gode, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

3Julle moet dankie sê vir die Koning van die konings, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe
het.

4Net Hý het groot wonderwerke gedoen, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

5Hy het die hemel gemaak, Hy het geweet hoe om dit te doen, ja, Hy doen altyd wat
Hy belowe het.

© Bible Society of South Africa.

6Hy het die aarde neergesit op die water, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

7Hy het die groot ligte gemaak, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

8Hy het die son gemaak om oor die dag te regeer, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

9En Hy het die maan en die sterre gemaak om oor die nag te regeer, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

10Hy het die oudste seuns in Egipte laat sterf en ook die eerste lammers en kalwers, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

11Hy het die Israeliete laat weggaan van die Egiptenaars, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

12Hy het sy volk gelei met sy sterk hand, met sy arm wat Hy uitgesteek het, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

13Julle moet dankie sê vir Hom wat die Riet-see in twee dele gedeel het, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

14Hy het die Israeliete deur die see laat gaan, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

15Maar Hy het die farao en sy soldate in die see laat val, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

16Hy het sy volk deur die woestyn laat loop, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

17Julle moet dankie sê vir Hom wat groot konings oorwin het, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

18Hy het belangrike konings doodgemaak, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

19Hy het vir Sihon, koning van die Amoriete, doodgemaak, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het,

20en ook vir Og, koning van Basan, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

21Hy het hulle lande weggegee, verniet, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

22Hy het dit gegee vir sy dienaar Israel, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

23Julle moet dankie sê vir Hom wat aan ons gedink het toe dit baie sleg gegaan het met ons, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

24Hy het ons gered van ons vyande, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

25Dit is Hy wat kos gee vir alles wat lewe, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

26Julle moet dankie sê vir die God van die hemel, ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Psalm 137

By die riviere van Babel

1By die riviere van Babel, daar het ons gesit en huil toe ons gedink het aan Sion.

2Ons het ons liere daar opgehang aan die populierbome,

3want ons was gevangenes daar, en die mense wat vir ons gevang het, het vir ons gevra om ’n lied te sing. Die mense wat vir ons verdruk het, het vir ons gesê dat ons vrolik moet wees en ’n lied oor Sion moet sing.

4Maar ons kon nie die lied van die Here in ’n vreemde land sing nie.

5Jerusalem, as ek jou vergeet, dan moet my regter-hand vergeet hoe om die lier te speel.

6As ek nie aan jou dink nie, dan moet my tong vassit bo in my mond sodat ek nie kan sing nie. Jerusalem moet die plek bly waar ek die graagste wil wees.

7Here, U moet onthou wat die Edomiete gedoen het toe die vyande Jerusalem verwoes het. Hulle het gesê: “Breek die mure af, breek dit af tot op die fondamente!”

8Mense van Babel, vyande sal julle verwoes. Dit sal goed gaan met die mense wat dieselfde met julle doen soos julle met ons gedoen het.

9Dit sal goed gaan met die mense wat julle babatjies gryp en teen ’n rots doodslaan.

Psalm 138

Die Here doen alles vir my

1Van Dawid. Here, ek wil vir U dankie sê met my hele hart, ek wil vir U sing sodat al die gode dit kan hoor.

2Ek wil buig na u gewyde tempel en ek wil u Naam prys omdat U doen wat U belowe het en omdat U dieselfde bly.

3Die dag toe ek geroep het en gevra het dat U my moet help, toe het U my geantwoord, U het my sterk gemaak.

4Al die konings van die aarde sal vir U dankie sê, want hulle het gehoor wat U gesê het.

5Hulle sal sing oor die dinge wat die Here gedoen het, want die Here is ’n groot Koning.

6Die Here is hoog in die hemel maar Hy sien wie die nederige mense is en Hy weet ook baie goed wie die hoogmoedige mense is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Wanneer dit sleg gaan met my, dan laat U my aanhou lewe. U steek u hand uit en U
keer my vyande wat kwaad is vir my, U red my met u eie hand.

8Die Here doen alles vir my. Here, U doen altyd wat U belowe het. U het die mense
met u eie hande gemaak, U moenie vir hulle alleen los nie.

Psalm 139

U moet my lei op die pad na U toe

1Vir die leier van die koor: Van Dawid. ’n Psalm. Here, U het tot diep in my gekyk, U
ken my baie goed.

2U weet alles wat ek doen, net U weet dit, U is ver, maar U weet wat ek dink.

3U weet hoe ver ek loop en hoe lank ek slaap. U weet wat ek doen, oral waar ek
gaan.

4Ja, Here, ek het nog nie begin om iets te sê nie, dan weet U klaar alles wat ek wil sê.

5U is agter my en U is voor my, U hand beskerm my.

6Ek verstaan nie hoe U alles weet nie, dit is vir my baie moeilik, ek kan dit nie
verstaan nie.

7Waarnatoe kan ek gaan waar U nie is nie? Waarnatoe kan ek wegvlug van U?

8As ek opklim na die hemel, dan sal U daar wees. As ek in die doderyk my slaapmat
oopgooi en gaan lê, dan sal U dáár ook wees.

9As ek ver na die ooste vlieg of as ek ver in die weste gaan woon,

10dan sal U ook dáár vir my lei en my vashou.

11As ek sê die donker moet my toemaak, die lig rondom my moet donker word,

12dan is dit nie donker vir U nie. Vir U is die nag so lig soos die dag en donker is vir U
soos lig.

13Ja, dit is U wat my gemaak het, ’n mens wat kan voel en dink. U het my hele
liggaam gemaak voordat ek gebore is.

14Ek wil vir U dankie sê, want ek word bang wanneer ek sien hoe wonderlik U my
gemaak het. Alles wat U doen, is wonderlik, ek weet dit baie goed.

15U het geweet van elke been in my liggaam toe U my gemaak het waar niemand dit
gesien het nie, toe U my gemaak het in die liggaam van my ma.

16U het my gesien voordat ek gebore is. Ek was nog nie een dag oud nie, toe het U
klaar in u boek geskryf hoe lank ek sal lewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17O God, die dinge waaraan U dink, is vir my baie moeilik, ek kan dit nie verstaan nie,
en U dink aan so baie dinge.

18As ek dit alles probeer tel, dan is dit meer as sand, en wanneer ek geslaap het en
wakker word, dan dink ek nóg aan U.

19O God, ek bid dat U die mense moet doodmaak wat verkeerd doen. U moet die
moordenaars laat weggaan van my.

20Hulle is u vyande, hulle sê slegte dinge teen U, en hulle is opstandig teen U.

21Ek haat die mense wat vir U haat, ek hou niks van mense wat opstandig is teen U
nie.

22Ek haat hulle met my hele hart, hulle is my vyande.

23O God, U moet diep in my kyk, U moet weet wat binne-in my hart is, U moet my
toets, U moet weet wat ek dink.

24En U moet help dat ek nie so lewe dat ek seerkry nie, U moet my lei op die pad na
U toe.

Psalm 140

Die Here sal reg doen aan mense wat niks het nie

1Vir die leier van die koor: Van Dawid. ’n Psalm.

2Here, U moet my red van slegte mense, U moet my beskerm teen wrede mense.

3Hulle maak planne om slegte dinge te doen, hulle wil hê dat mense oorlog moet
maak. ***Sela***

4Hulle tonge is so skerp soos slange se tonge, en hulle is so giftig soos slange.

5Here, U moet my beskerm teen mense wat verkeerd doen, teen wrede mense wat
planne maak om my dood te maak.

6Hoogmoedige mense wil my vang, hulle het ’n vangnet van toue gemaak en hulle
het dit styfgetrek oor my pad, hulle wou vir my in vangstrikke vang.

7Ek sê vir die Here: U is my God. Here, U moet luister hoe ek soebat.

8Here, my Here, U is sterk en U sal my red. U het my beskerm toe daar oorlog was.

9U moenie vir die mense wat verkeerd doen, gee wat hulle wil hê nie, U moet keer,
hulle planne moenie slaag nie, ***Sela*** sodat hulle nie kan dink hulle is belangrik nie.

10Die mense wat my van al die kante aanval, is hoogmoedig. Hulle sê baie dinge teen
my, U moet al daardie dinge met hulleself laat gebeur.

© Bible Society of South Africa.

11U moet warm kole vuur op hulle laat val, U moet húlle in diep gate laat val, hulle moenie daaruit kan kom nie.

12Mense wat sleg praat van ander mense moenie in die land bly nie, U moet die wrede mense wegjaag. Dit moet altyd sleg gaan met hulle.

13Ek weet dat die Here die mens sal help wat homself nie kan help nie wanneer mense hom beskuldig. Die Here sal reg doen aan mense wat niks het nie.

14Dit is seker: Die mense wat reg doen, sal vir U dankie sê. Eerlike mense sal by U woon.

Psalm 141

Ek steek my hande uit na U

1'n Psalm. Van Dawid. Here, ek roep en ek vra dat U gou moet kom. U moet luister, ek roep en ek vra dat U my moet help.

2Ek bid tot U, my gebed moet vir U wees soos 'n wierook-offer wat ek bring. Ek steek my hande uit na U, dit moet vir U wees soos 'n aand-offer.

3Here, U moet 'n wag voor my mond sit, U moet keer dat ek niks verkeerd sê nie.

4U moet keer dat ek nie slegte dinge wil doen nie, dat ek nie dinge wil doen wat verkeerd is saam met die mense wat slegte dinge doen nie, dat ek nie die dinge wat vir hulle lekker is, saam met hulle geniet nie.

5'n Mens wat reg lewe en wat my vriend is, mag my slaan en mag met my raas. Wanneer hy olyf-olie op my kop wil gooi, dan sal ek sê dit is goed. Maar ek sal aanhou om te bid dat die Here mense sal straf wat slegte dinge doen.

6Wanneer die Here die leiers van die slegte mense van 'n rots laat afval, dan sal ek sê dit is goed.

7Die leiers sal moet sê: "Ons bene lê oral by die bek van die doderyk, dit lyk soos wanneer iemand geploeg het en die grond stukkend gebreek het."

8Here, ek weet dat U my altyd sal help. Ek vra dat U my moet beskerm, U moenie dat ek sterf nie.

9Mense wat slegte dinge doen, wil my in vangnette en vangstrikke vang. U moet keer dat ek nie daarin val nie.

10U moet hierdie mense wat verkeerd doen, in hulle eie vangnette laat val, maar die nette moenie vir my vang nie.

Psalm 142

Ek het net vir U in hierdie lewe

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[1]’n Lied. Van Dawid, toe hy in die grot was. ’n Gebed.

[2]Ek roep en ek vra dat die Here my moet help, ek bid dat die Here genadig moet wees vir my.

[3]Ek wil by die Here kla, ek wil vir Hom vertel hoe sleg dit met my gaan.

[4]Wanneer ek moedeloos word, dan is dit U wat weet wat met my gebeur. My vyande het vir my ’n vangnet styfgetrek op die pad waar ek loop.

[5]Wanneer ek langs my kyk, dan is daar niemand wat van my weet nie. Daar is nie ’n plek waarnatoe ek kan vlug nie, niemand is bekommerd oor my nie.

[6]Here, ek bid tot U, help my asseblief, dit is U wat my moet beskerm, ek het net vir U in hierdie lewe.

[7]U moet luister wanneer ek bid, want dit gaan baie sleg met my. U moet my red van die mense wat my jaag, want hulle is te sterk vir my.

[8]U moet my uithaal uit die tronk, dan sal ek vir U dankie sê, en die mense wat reg lewe, sal rondom my kom staan omdat U goed was vir my.

Psalm 143

Ek steek my hande uit na U

[1]’n Psalm. Van Dawid. Here, U moet luister na my gebed, U bly dieselfde, U moet hoor wanneer ek soebat. U doen altyd reg, U moet my antwoord.

[2]U moenie vir my, u dienaar, oordeel nie, want niemand is onskuldig wanneer hy voor U staan nie.

[3]My vyande jaag my, hulle trap my in die grond in, hulle laat my in die donker sit soos iemand wat lank gelede dood is.

[4]Ek is moedeloos en ontsteld.

[5]Ek dink aan lank gelede, ek dink oor alles wat U gedoen het, ek dink oor alles wat U gemaak het.

[6]Ek steek my hande uit na U, ek verlang na U soos ’n droë land verlang na water. *Sela*

[7]Here, U moet my gou antwoord, ek verlang baie na U. U moet kyk hoe dit met my gaan, ek is soos iemand wat besig is om te sterf.

[8]U moet elke oggend vir my sê dat U sal doen wat U belowe het, want ek glo dat U my sal help, nét U sal help. U moet vir my sê hoe ek moet lewe, ja, ek bid en vra dit vir U, nét vir U.

[9]Here, U moet my red van my vyande, ek vra dat U my moet beskerm.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10U moet vir my leer om te doen wat U wil hê, want dit is Ú wat my God is. U is goed,
U moet my op ’n gelyk pad laat loop.

11Here, ek behoort aan U, U moet my laat aanhou lewe. U doen altyd reg, U moet my
vrymaak, want ek kry baie swaar.

12U doen altyd wat U belowe het, U moet my vyande vir altyd stilmaak, U moet hulle
doodmaak, want ek is u dienaar.

Psalm 144

Dit gaan goed met die volk wie se God die Here is

1Van Dawid. Ek wil die Here prys! Hy is my Rots. Hy leer vir my hande om te veg, Hy
leer vir my vingers om oorlog te maak.

2Hy doen altyd wat Hy belowe het, Hy is vir my soos ’n veilige plek in die berge, Hy
beskerm my en Hy maak my vry, Hy is vir my soos ’n skild, ek voel veilig by Hom. Hy
maak my mense gehoorsaam aan my.

3Here, mense is nie belangrik nie. Hoekom kyk U na hulle? Hoekom dink U aan
iemand wat net ’n mens is?

4Mense is soos wind, hulle lewe gaan verby soos ’n skaduwee wat verdwyn.

5Here, U moet die hemel buig en U moet afkom, U moet aan die berge raak, sodat
daar rook uit hulle kom.

6U moet die weerlig laat blits en U moet die vyande na al die kante toe jaag, U moet
u pyle skiet en U moet hulle laat vlug.

7U moet u hand uitsteek uit die hemel en U moet my wegruk, U moet my red van die
baie water, U moet my red van ander volke.

8Hulle wil net een ding doen, en dit is om te lieg en te bedrieg.

9O God, ek wil vir U ’n nuwe lied sing, ek wil vir U musiek maak met die harp.

10Dit is U wat konings help om oorloë te wen, dit is U wat vir Dawid weggeruk het
voor ’n wrede vyand.

11U moet my ook wegruk, U moet my red van die ander volke. Hulle wil net een ding
doen, en dit is om te lieg en te bedrieg.

12Ons bid dat ons seuns sal wees soos plante wat groei en groot word terwyl hulle
nog jonk is. Ons bid dat ons dogters sal wees soos die mooi pilare op die hoeke van
die paleis.

13Ons bid dat ons stoorkamers vol sal wees, dat daar baie soorte kos sal wees. Ons
bid dat ons skape en ons bokke op ons veld duisende, tienduisende lammers sal hê,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14en dat ons beeste baie kalwers sal hê. Ons bid dat vyande nie in ons stad sal kom
en die mense sal wegvat nie, ons bid dat ons nie op die oop stukke grond sal moet
staan en huil nie.

15Dit gaan goed met ’n volk wanneer dit so met hulle gaan. Dit gaan goed met die
volk wie se God die Here is.

Psalm 145

Die Here beskerm almal wat lief is vir Hom

1’n Lied om die Here te prys. Van Dawid. My God, my Koning, ek wil U prys, ek wil u
Naam prys, altyd en altyd.

2Ek wil U elke dag prys, ek wil u Naam prys, altyd en altyd.

3Die Here is groot, al die mense moet Hom prys. Niemand weet hoe groot Hy is nie.

4Elke geslag moet die dinge prys wat U gedoen het. Hulle moet praat oor die groot
dinge wat U gedoen het.

5Ek wil dink oor U, die Koning. Almal moet U respekteer en dien oor die wonderlike
dinge wat U doen.

6Die mense moet bang word vir U wat sterk is, hulle moet daaroor praat, hulle moet
vertel dat U groot is.

7Almal weet dat U groot en goed is, hulle moenie ophou praat daaroor nie, hulle
moet sing en sê dat U altyd reg doen.

8Die Here is genadig, Hy is goed vir mense wat swaarkry, en Hy is geduldig. Hy doen
altyd wat Hy belowe het.

9Die Here is goed vir almal, Hy is goed vir almal wat Hy gemaak het, vir almal wat
swaarkry.

10Here, almal wat U gemaak het, moet vir U dankie sê, die mense wat in U glo, moet
U prys.

11Hulle moet praat oor U wat die Koning is, hulle moet vertel van die groot dinge wat
U gedoen het,

12sodat hulle vir die mense kan leer van die groot dinge wat U gedoen het. U is die
Koning, almal moet U respekteer en dien.

13U sal altyd Koning wees, U sal oor al die geslagte regeer.

14Die Here hou die mense regop wat wil val, Hy tel die mense op wat nie meer kan
staan nie.

15Almal wag vir U om vir hulle kos te gee, en U gee dit vir hulle op die regte tyd.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16U maak u hand oop, U gee vir almal wat lewe, U gee vir hulle alles wat hulle vra.

17Die Here doen altyd reg, Hy doen altyd wat Hy belowe het.

18Die Here is naby almal wat tot Hom bid, almal wat eerlik tot Hom bid.

19Hy doen wat die mense vra, die mense wat Hom dien, Hy hoor wanneer hulle roep en vra dat Hy hulle moet help, en Hy red hulle.

20Die Here beskerm almal wat lief is vir Hom, maar Hy maak die mense dood wat verkeerd doen.

21Ek wil die Here prys, en almal wat lewe, moet sy heilige Naam prys, altyd en altyd.

Psalm 146

Ek wil die Here prys so lank soos ek lewe

1Julle moet die Here prys! Ek wil die Here prys!

2Ek wil die Here prys so lank soos ek lewe, ek wil vir my God sing so lank soos ek hier is.

3Julle moenie dink dat belangrike mense julle kan help nie, mense kan julle nie help nie.

4Wanneer mense hulle asem uitblaas en sterf, dan gaan hulle terug na die grond, en dan verdwyn al hulle planne.

5Dit gaan goed met mense vir wie die God van Jakob help, mense wat glo dat hulle God die Here hulle sal help.

6Die Here het die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is. Die Here bly altyd dieselfde.

7Die Here doen reg aan mense wanneer ander mense hulle verdruk. Hy gee kos vir honger mense, Hy maak gevangenes vry.

8Die Here laat blinde mense sien, die Here tel mense op wat nie meer kan staan nie, die Here is lief vir mense wat reg doen.

9Die Here beskerm vreemdelinge, Hy help weeskinders en weduwees om makliker te kan lewe, maar Hy laat mense swaarkry wat verkeerd lewe.

10Die Here sal altyd Koning wees. Sion, jou God sal Koning wees van al die geslagte. Julle moet die Here prys!

Psalm 147

Dit is goed om vir ons God te sing

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Julle moet die Here prys! Want dit is goed om vir ons God te sing, ja, dit is lekker en dit is reg om Hom te prys.

[2]Dit is die Here wat Jerusalem weer bou, dit is Hy wat die mense bymekaarbring wat gevangenes is in ander lande.

[3]Dit is Hy wat mense gesond maak, mense wat baie moedeloos is, dit is Hy wat hulle seerplekke toedraai.

[4]Dit is Hy wat besluit hoeveel sterre daar moet wees, en Hy ken elke ster se naam.

[5]Ons Here is groot en baie sterk, ’n mens kan nie sy wysheid meet nie.

[6]Dit is die Here wat mense optel, die mense wat hulleself nie kan help nie, dit is Hy wat mense op die grond gooi, die mense wat verkeerd lewe.

[7]Julle moet sing en vir die Here dankie sê, julle moet vir ons God musiek maak op die lier.

[8]Dit is Hy wat die lug met wolke toemaak, Hy wat die reën vir die aarde gereedmaak, Hy wat die gras op die berge laat groei.

[9]Dit is Hy wat vir die diere hulle kos gee, en ook vir die kraaie se kuikens wanneer hulle skree.

[10]Sterk perde of vinnige manne is nie belangrik vir die Here nie,

[11]maar Hy hou van mense wat Hom dien, mense wat glo dat Hy sal doen wat Hy belowe het.

[12]Mense van Jerusalem, julle moet die Here prys, mense van Sion, julle moet julle God prys,

[13]want Hy maak die sluitbalke van julle poorte sterk, Hy seën julle wat in die stad woon.

[14]Dit is Hy wat dit goed laat gaan in julle land en wat vir julle die beste koring gee om te eet, meer as genoeg.

[15]Dit is Hy wat ’n boodskap na die aarde stuur, en sy boodskap kom vinnig daar.

[16]Dit is Hy wat die sneeu gee, wit soos wol, Hy laat die ryp soos as op die grond lê.

[17]Dit is Hy wat die hael laat val, fyn soos krummels. Niemand kan die koue keer wat Hy stuur nie.

[18]Wanneer Hy dit sê, dan smelt die hael en die sneeu, wanneer Hy die wind laat waai, dan vloei die water.

[19]Dit is Hy wat vir Jakob sy boodskap stuur, dit is Hy wat vir die mense van Israel sê wat sy wette en besluite is.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Hy het dit nie vir ’n ander volk gedoen nie, hulle weet nie wat Hy besluit nie. Julle moet die Here prys!

Psalm 148

Julle moet die Here prys

1Julle moet die Here prys! Julle wat in die hemel is, julle moet die Here prys, julle moet Hom prys hoog daarbo.

2Al sy engele, julle moet Hom prys, alles in die lug, julle moet Hom prys,

3son en maan, julle moet Hom prys, al die sterre wat blink, julle moet Hom prys.

4Die hoogste hemel moet Hom prys, en die water wat bokant die hemel is.

5Hulle moet die Naam van die Here prys, want Hy het dit beveel, en alles was daar.

6Hy het vir elkeen ’n plek gegee, vir altyd en altyd, Hy het gesê dit moet so wees, en dit is so.

7 Watermonsters en al die diep water, julle is onder op die aarde, julle moet die Here prys.

8Vuur en hael, sneeu en miswolke, stormwinde wat doen wat Hy sê,

9berge en al die heuwels, vrugtebome en al die sederbome,

10wilde diere en mak diere, diere wat kruip en voëls wat vlieg,

11konings van die aarde en al die volke, leiers en almal wat oor die aarde regeer,

12jongmanne en jongmeisies, ou manne saam met seuns,

13hulle almal moet die Naam van die Here prys, want sy Naam is belangriker as alles. Hy is Koning van die aarde en die hemel.

14Hy het sy volk sterk gemaak. Almal wat in Hom glo, prys Hom. Israel prys Hom, Israel, die volk wat Hom in sy tempel dien. Julle moet die Here prys!

Psalm 149

Julle moet vir die Here ’n nuwe lied sing

1Julle moet die Here prys! Julle moet vir die Here ’n nuwe lied sing, julle moet Hom prys waar die mense bymekaar is wat in Hom glo.

2Die mense van Israel moet wys dat hulle bly is omdat die Here hulle gemaak het. Die mense van Sion moet juig omdat die Here hulle Koning is.

3Hulle moet dans en sy Naam prys, hulle moet vir Hom musiek maak met die tamboeryn en die lier.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Want die Here is lief vir sy volk, Hy laat die mense wen wat hulleself nie kan help nie, Hy sit ’n kransie op hulle kop.

5Die mense wat in die Here glo, moet juig omdat hulle gewen het, hulle moet sing, ook wanneer hulle op hulle beddens lê.

6Hulle moet aanhou om God te prys, maar hulle moet skerp swaarde in hulle hande hê

7sodat hulle die volke kan straf, sodat hulle met die volke kan doen wat die volke met húlle gedoen het.

8Hulle moet die konings vasmaak met kettings, hulle moet die belangrike mense van die volke vasmaak met yster-boeie.

9Hulle moet met die konings doen wat die Regter besluit het en geskryf het. Die volke sal die mense respekteer wat in die Here glo. Julle moet die Here prys!

Psalm 150

Alles wat lewe, moet die Here prys

1Julle moet die Here prys! Julle moet God prys in sy tempel, julle moet Hom prys onder sy sterk hemeldak.

2Julle moet Hom prys omdat Hy groot dinge gedoen het, julle moet Hom prys, want Hy is baie groot.

3Julle moet die ramshorings blaas, julle moet die Here prys. Julle moet op die harpe en die liere speel, julle moet die Here prys.

4Julle moet op die tamboeryne slaan en julle moet dans, julle moet die Here prys. Julle moet snaarmusiek maak en julle moet die fluite blaas, julle moet die Here prys.

5Julle moet die simbale teen mekaar slaan, almal moet dit hoor, dit moet raas.

6Alles wat lewe, moet die Here prys. Julle moet die Here prys!

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Spreuke

Spreuke 1

1 Spreuke van Salomo seun van Dawid, koning van Israel.

Spreuke leer vir jou wysheid

2Spreuke leer vir jou wysheid. Dit leer vir jou om te weet wanneer mense verstandige dinge sê,

3en dit leer vir jou om te luister wanneer iemand vir jou die regte dinge leer oor wat goed en reg en regverdig is.

4Spreuke maak jong mense wat baie min weet, verstandig, sodat hulle sal weet wat die regte dinge is om te doen.

5 Wyse mense moet ook luister na die Spreuke, sodat hulle nog meer sal weet. Verstandige mense moet leer,

6sodat hulle die Spreuke en die slim dinge wat wyse mense sê, sal verstaan.

7Jy moet gehoorsaam wees aan die Here en jy moet Hom respekteer. As jy dit doen, dan is jy regtig slim. Dit is dwase wat dink dit is nie belangrik om wysheid te hê en om te leer nie.

8My kind, jy moet luister na wat jou pa en jou ma vir jou wil leer, jy moenie vergeet wat hulle vir jou leer nie.

9As jy dit nie vergeet nie, dan sal jy 'n mooi lewe hê.

Wanneer sondaars jou verkeerd wil laat doen

10My kind, wanneer sondaars jou verkeerd wil laat doen, dan moet jy nie luister na hulle nie.

11Hulle sal miskien vir jou sê: "Kom saam met ons, dan wag ons totdat iemand verbykom, en dan maak ons hom dood, dit maak nie saak of hy niks verkeerd gedoen het aan ons nie.

12Hy is nog lewendig en gesond wanneer ons hom vang, maar ons sal hom laat sterf en laat afgaan na die doderyk, na die graf.

13Dan sal ons baie kosbare goed kry en ons sal ons huise volmaak met die goed wat ons vat.

14Jy sal een van ons wees en ons sal almal kry van die goed wat ons vat."

15My seun, jy moenie dan saam met daardie mense gaan nie,

16want hulle wil verkeerde dinge gaan doen, hulle wil mense vermoor.

© Bible Society of South Africa.

17Wanneer ’n voël ’n vangnet sien wat mense vir hom styfgetrek het, dan vlieg die voël nie vas in die net nie.

18Maar hierdie mense trek ’n net styf vir hulleself, hulle sal in hulle eie net sterf.

19Elke mens wat ander mense se goed wil vat, sal sterf. Dit is wat met hom sal gebeur.

Die wysheid is soos ’n vrou wat roep

20Die wysheid is soos ’n vrou wat langs die straat staan en roep. Sy skree op die oop stukke grond in die stad,

21sy skree by die plekke waar die mense bymekaarkom, sy staan voor die poorte van die stad en sy sê:

22“Julle wat baie min weet, hoe lank sal julle tevrede wees om min te weet? Hoe lank sal dit lekker wees vir mense om aan te hou spot, hoe lank sal dwase dit haat om dinge te weet?

23Julle moet weer kom luister na wat ek vir julle wil leer. Ek sal vir julle alles sê wat ek weet, ek sal julle help om te verstaan wat ek sê.

24Toe ek geskree het, wou julle nie luister nie, toe ek my hand uitgesteek het om julle te roep, het niemand gekyk nie.

25Julle het gemaak of julle nie hoor wat ek alles gesê het nie, julle wou nie dat ek vir julle leer nie.

26Daarom sal ek ook lag en spot wanneer dit sleg begin gaan met julle, wanneer julle skrik.

27Julle sal skrik soos wanneer daar ’n stormwind kom, soos wanneer ’n sterk wind alles verwoes en julle baie bang word.

28Dan sal julle skree en vra dat ek moet help, maar ek sal nie antwoord nie, julle sal my soek, maar julle sal my nie kry nie.

29Dit sal gebeur omdat julle dit haat om dinge te weet, en omdat julle nie gehoorsaam wou wees aan die Here en Hom nie wou eer nie.

30Julle wou nie luister na wat ek vir julle sê nie, ek wou vir julle leer, maar julle het gedink dit is onbelangrik.

31Nou sal julle swaarkry oor wat julle gedoen het, julle sal baie probleme kry oor julle eie planne.

32Ja, mense wat min weet, sterf omdat hulle nie wil luister nie, dwase gaan dood omdat hulle tevrede is met hulleself.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

33Maar die mense wat na my luister, woon veilig, hulle is nie bekommerd nie, hulle is nie bang dat dit sleg sal gaan nie.”

Spreuke 2

Hoe sal jy vir God leer ken?

1My seun, hoe sal jy vir God leer ken? As jy luister na my en onthou wat ek vir jou sê,

2as jy goed luister na wysheid en regtig probeer verstaan,

3ja, as jy sê jy wil verstaan, as jy vra hoe jy verstandig kan word,

4as jy dit so graag wil hê soos jy geld wil hê, en daarna soek soos jy na kosbare dinge sal soek,

5dan sal jy verstaan hoe jy die Here moet dien, dan sal jy vir God leer ken.

6Want dit is die Here wat wysheid gee, Hy sal vir jou leer om te weet en te verstaan.

7Hy gee vir eerlike mense ware wysheid, Hy beskerm mense wat heeltemal reg lewe.

8Hy laat hulle altyd reg doen, Hy beskerm die lewe van die mense wat aan Hom behoort.

9As jy luister na my, dan sal jy verstaan wat dit is om reg te lewe en reg te doen en regverdig te wees, jy sal altyd op die regte pad loop en die regte dinge doen.

10Die wysheid sal in jou kom woon en dit sal vir jou lekker wees om dinge te weet.

11As jy verstandig en versigtig is, dan sal jy veilig wees.

12Dit sal jou help om nie verkeerd te lewe nie, dit sal jou red van mense wat jou wil bedrieg,

13want hulle is mense wat opgehou het om die regte dinge te doen en wat in die donker loop.

14Dit is vir hulle lekker om verkeerd te doen, hulle juig wanneer ’n slegte mens iemand wil bedrieg.

15Hulle is mense wat nie op die regte pad kan loop nie, hulle hou aan om verkeerd te lewe.

Die wysheid sal jou red van die slegte vrou

16As jy luister na my, dan sal dit jou red van die slegte vrou, ’n ander man se vrou wat jou wil verlei,

17die vrou wat haar eie man gelos het en wat die ooreenkoms vergeet het wat sy voor haar God gemaak het.

© Bible Society of South Africa.

18In haar huis is jy naby die dood. As jy saam met haar gaan, dan is jy al klaar op die pad na die mense wat dood is.

19Mense wat na haar toe gaan, kom nie terug nie, hulle kom nie weer op die pad van die mense wat lewe nie.

20Jy moet luister na my, sodat jy kan lewe soos goeie mense lewe, sodat jy kan lewe soos mense wat reg doen,

21want dit is die eerlike mense wat in die land sal woon. Die mense wat heeltemal reg lewe, sal aanhou lewe in die land.

22Maar die mense wat verkeerd doen, vir húlle sal God wegvat uit die land. Hy sal die mense wat ontrou is aan Hom, wegvat uit die land.

Spreuke **3**

Jy moet vir God vra om jou te lei

1My seun, jy moenie vergeet wat ek vir jou leer nie, jy moet onthou wat ek vir jou sê,

2want dan sal jy lank lewe en dit sal goed gaan met jou.

3Jy moet altyd doen wat jy belowe het, jy moet jou belofte hou en dit nie verander nie, jy moet dit jou hele lewe lank onthou, jy moet dit nooit vergeet nie.

4Dan sal God en die mense van jou hou, en dit sal goed gaan met jou.

5Jy moet met jou hele hart glo dat God jou altyd sal help, jy moenie dink dat jy self weet wat om te doen nie.

6Jy moet vir God vra om jou te lei in alles wat jy doen, dan sal Hy jou altyd lei.

7Jy moenie dink jy het die wysheid nie, jy moet die Here dien en jy moenie verkeerd doen nie.

8Dan sal jy heeltemal gesond bly en jy sal elke dag nuwe krag kry.

9Jy moet die Here respekteer en Hom dien met alles wat jy het, met die beste van alles wat jy bymekaarmaak.

10Dan sal jou stoorkamers heeltemal vol wees, en daar sal so baie wyn wees dat jou parskuipe oorloop.

11My seun, die dinge wat die Here vir jou leer, moet vir jou belangrik wees, jy moenie opstandig wees wanneer Hy jou straf nie,

12want Hy straf jou omdat Hy lief is vir jou, Hy doen dit soos ’n pa wat lief is vir sy kind.

13Dit gaan goed met die mens wat wysheid gekry het, met die mens wat verstandig geword het,

© Bible Society of South Africa.

14want om wysheid te kry, is beter as om silwer en goud te kry.

15Wysheid is meer kosbaar as koraal. Baie dinge is vir jou kosbaar, maar niks is so kosbaar soos die wysheid nie.

16Die wysheid gee vir jou ’n lang lewe. Jy sal ook ryk word, en mense sal jou respekteer.

17Iemand wat wysheid het, geniet die lewe, en dit gaan goed met hom.

18Wysheid is soos ’n boom. As jy vashou aan die wysheid, dan hou jy vas aan ’n boom wat lewe gee. Die mens wat aan die wysheid vashou, is ’n gelukkige mens.

19Die Here het wysheid en verstand, Hy het die aarde en die hemel gemaak.

20Hy het geweet wat om te doen, Hy het fonteine uit die diep water laat stroom en Hy het die wolke vol water gemaak.

Jy moet met ware wysheid lewe

21My kind, jy moet met ware wysheid lewe, jy moenie ophou om verstandig te wees nie.

22As jy met wysheid lewe, dan sal jy ’n lang en ’n mooi lewe hê.

23Dan sal jy veilig loop op jou pad deur die lewe en jy sal nie jou tone stamp nie.

24Jy sal dan nie bang wees om te gaan slaap nie, jy sal gaan lê en jy sal lekker slaap.

25Jy moenie bang wees dat dit skielik sleg sal gaan met jou nie. Wanneer die stormwinde begin waai oor die mense wat verkeerd doen, dan moet jy nie bang wees dat hulle ook oor jou sal waai nie.

26Want die Here sal by jou wees, Hy sal keer dat jou voet nie vassit in ’n vangstrik nie.

27Wanneer jy iemand moet help en jy kan dit doen, dan moet jy nie wag nie.

28As jy dadelik kan help, dan moet jy dit doen. Jy moenie sê: “Gaan eers terug en kom môre weer, dan sal ek jou help” nie.

29Wanneer iemand naby jou is en hy voel veilig, dan moet jy nie sit en dink wat jy kan doen sodat dit sleg kan gaan met hom nie.

30Wanneer iemand onskuldig is en hy het niks sleg gedoen aan jou nie, dan moet jy nie sê dat hy skuldig is nie.

31Jy moenie probeer om te wees soos iemand wat ander mense altyd wil seermaak en doodmaak nie.

32Want die Here haat slegte mense, maar mense wat reg lewe, is sy vriende.

© Bible Society of South Africa.

33Die Here vervloek die huisgesin van die mens wat verkeerd doen, maar Hy seën die huisgesin van die mens wat reg lewe.

34Wanneer mense dink dat hulle vir ander mense kan spot, dan spot die Here vir húlle. Wanneer mense weet dat hulle nie hulleself kan help nie, dan is die Here goed vir hulle.

35Wanneer iemand wysheid het, dan sal mense hom respekteer, maar mense wat dwaas is, sal meer en meer dinge doen waarvan mense nie hou nie.

Spreuke 4

Julle moet luister wanneer julle pa vir julle leer

1Kinders, julle moet luister wanneer julle pa vir julle leer, julle moet luister, sodat julle kan weet wat om te doen,

2want dit is goeie dinge wat ek vir julle leer, julle moet aanhou doen wat ek vir julle sê.

3Want ek was ook voorheen ’n kind, ek was jonk, en my ouers was lief vir my.

4Toe het my pa vir my ook geleer. Hy het gesê: “Jy moet onthou wat ek vir jou sê, jy moet dit doen, sodat jy kan aanhou lewe.

5Jy moet wysheid kry, jy moet verstandig word, jy moenie vergeet nie, jy moenie ophou om te doen wat ek vir jou sê nie.

6As jy die wysheid nie los nie, dan sal dit vir jou wagstaan, as jy lief is vir die wysheid, dan sal dit jou beskerm.

7As jy regtig slim wil word, dan moet jy wysheid kry, jy moet ook verstandig word, saam met al die ander dinge wat jy kry.

8As jy hou van die wysheid, dan sal dit jou ’n belangrike mens maak. As jy wys dat jy lief is vir die wysheid, dan sal mense jou respekteer.

9Die wysheid sal soos ’n mooi kransie wees, soos die kroon van ’n koning op jou kop.”

10My kind, jy moet luister, jy moet doen wat ek vir jou sê, dan sal jy baie lank lewe.

11Ek het vir jou geleer om te loop op die pad van die wysheid, ek het jou gelei op reguit paaie.

12As jy op hierdie paaie loop, dan sal jou voet nie vashaak nie, en wanneer jy hardloop, dan sal jy ook nie val nie.

13Jy moet vashou aan wat ek vir jou leer, jy moenie dit los nie, jy moet dit doen, want dan sal jy waarlik lewe.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Jy moenie op die pad loop van mense wat verkeerd doen nie, jy moenie saam met slegte mense loop nie.

15Jy moet daardie pad los, jy moenie daarop loop nie, jy moet wegdraai en jy moet op jou eie pad loop.

16Daardie mense kan nie slaap as hulle nie verkeerd gedoen het nie, hulle bly wakker as hulle nie sonde gedoen het nie.

17Hulle hou daarvan om verkeerd te doen en om mense seer te maak, dit is vir hulle so lekker soos om te eet en te drink.

18Maar mense wat reg doen, se pad is soos die oggendlig, dit word meer en meer helder totdat dit dag is.

19Mense wat verkeerd doen, se pad is soos die donker, hulle weet nie waaroor hulle sal val nie.

20My kind, jy moet luister wanneer ek praat, jy moet luister na wat ek sê.

21Jy moet altyd onthou wat ek vir jou sê, jy moenie dit vergeet nie,

22want elkeen wat doen wat ek sê, sal aanhou lewe, en hy sal ’n gesonde mens wees.

23Jy moet baie versigtig wees wat jy dink, meer versigtig as met ander dinge, want as jy reg dink, dan sal jy aanhou lewe.

24Jy moenie leuens vertel nie, jy moenie mense bedrieg nie.

25Jy moet reguit vorentoe kyk, jy moet weet waarnatoe jy gaan.

26Jy moet op die reguit pad loop, dan sal jy seker wees waarnatoe jy loop.

27Jy moenie wegdraai van die reguit pad nie, jy moenie regs of links draai nie, jy moet wegbly van alles wat verkeerd is.

Spreuke **5**

’n Slegte vrou is gevaarlik

1My kind, jy moet luister na die wysheid wat ek het, jy moet hoor wanneer ek vir jou sê wat ek weet.

2Dan sal jy weet wat die regte ding is om te doen, en jy sal altyd weet wat om te sê.

3Dit is belangrik, want ’n slegte vrou se woorde is so soet soos heuning en so glad soos olyf-olie.

4Maar later is sy so bitter soos wilde-als, en so gevaarlik soos ’n swaard wat skerp is.

5As jy saam met haar gaan, dan gaan jy na die dood, sy lei jou na die doderyk.

6Sy dink nie aan die pad van die lewe nie, sy weet nie waar sy loop nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Kinders, daarom moet julle luister na my, julle moenie ongehoorsaam wees nie.

8Jy moet wegbly van die slegte vrou, jy moenie naby haar huis se deur kom nie.

9As jy na haar toe gaan, dan gee jy vir ’n ander mens iets wat vir jou kosbaar moet wees, jy gee jou beste jare vir ’n wrede mens.

10Vreemde mense sal al die dinge kry waarvoor jy gewerk het. Die goed wat joune geword het omdat jy baie hard gewerk het en swaargekry het, sal in ’n ander mens se huis kom.

11Wanneer jy naby jou dood is, dan sal jy lê en huil en kla, want dan sal jy ’n baie siek mens wees.

12Dan sal jy sê: “Hoekom wou ek nie leer nie? Hoekom het ek gedink dat wysheid nie belangrik is nie?

13Ek wou nie luister na die mense wat vir my geleer het nie, ek wou nie hoor wat hulle sê nie.

14Nou gaan dit baie sleg met my, hier by die vergadering van die mense wat my oordeel.”

15Jy moenie ontrou wees aan jou vrou nie, jy moet wees soos iemand wat sy eie put se water drink, jy moet die strome water drink wat uit jou eie fontein kom.

16Jy sal nie die water, die strome uit jou fonteine, buite laat wegloop op die oop stukke grond nie.

17Dit moet net jóú water wees, nie ander mense se water ook nie.

18Jou eie fontein se water moet genoeg wees vir jou, dit moet vir jou lekker wees by jou eie vrou.

19Sy is so pragtig soos ’n takbok, so mooi soos ’n klipbok. Jy moet dit altyd geniet om haar teen jou vas te druk, jy moet vir haar so lief wees dat dit vir jou sal wees soos ’n droom.

20My seun, hoekom wil jy dom dinge doen by ’n slegte vrou? Hoekom wil jy ’n vrou wat nie jou vrou is nie, omhels en teen jou vasdruk?

21Die Here sien hoe ’n mens lewe, Hy kyk of ’n mens reg lewe.

22Die sondes van ’n mens wat verkeerd doen, is soos ’n vangnet, dit vang hom. Sy sondes is soos toue wat hom vasdraai.

23Die mens wat verkeerd doen, sterf omdat hy nie wou leer nie, hy verdwaal omdat hy dom gebly het.

Spreuke 6

© Bible Society of South Africa.

Wanneer jy borg gestaan het

1My kind, wanneer jy vir ’n vriend borg gestaan het, wanneer jy dit belowe het vir ’n vreemde mens,

2dan het jou eie woorde jou gevang, en jy het groot probleme omdat jy dit gesê het.

3My kind, dít is wat jy dan moet doen: Jy moet jouself red, want daardie persoon kan nou besluit wat met jou sal gebeur. Jy moet by hom gaan soebat, jy moet hom aanhou vra en lastig wees,

4jy moenie slaap of rus nie,

5jy moet jouself red soos ’n wildsbok homself red van ’n jagter, soos ’n voël homself red van ’n voëlvanger.

Lui mens, jy moet na die miere gaan

6Lui mens, jy moet na die miere gaan, jy moet gaan kyk hoe hulle lewe en jy moet leer van hulle.

7Die miere het nie ’n leier of ’n voorman of ’n koning nie,

8maar hulle maak in die somer kos gereed vir hulleself, hulle maak kos bymekaar wanneer daar kos is om bymekaar te maak.

9Lui mens, hoe lank wil jy slaap, wanneer staan jy op?

10Jy wil elke maal nog ’n bietjie slaap, nog ’n bietjie jou oë toemaak, nog ’n bietjie hande vou en bly lê,

11maar jy sal arm word soos iemand wat net rondloop en nie werk nie, jy sal honger word soos ’n bedelaar.

‘n Slegte mens dink altyd hoe hy mense kan bedrieg

12’n Slegte mens, ’n skurk, bedrieg oral mense,

13hy knip skelm sy oë, hy maak gebare met sy vingers en voete,

14hy dink altyd hoe hy mense kan bedrieg, hy laat mense twis met mekaar.

15Daarom, dit sal skielik sleg gaan met hom, hy sal vinnig seerkry, en niemand sal hom help nie.

Dinge waarvan die Here nie hou nie

16Daar is ses dinge waarvan die Here nie hou nie, daar is sewe dinge wat Hy haat.

17Dit is wanneer mense hoogmoedig is, wanneer hulle lieg, wanneer hulle mense vermoor,

18wanneer hulle slegte planne maak teen ander mense, wanneer hulle haastig is om verkeerd te doen,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19wanneer hulle getuies is wat lieg, en wanneer hulle die een broer met die ander broer laat twis.

‘n Man wat egbreuk pleeg, is baie dom

20My kind, jy moet onthou wat jou pa vir jou sê, jy moenie vergeet wat jou ma vir jou leer nie.

21Jy moenie dit vergeet nie, jy moet dit elke dag onthou.

22Dan sal jy weet hoe jy moet lewe, jy sal elke dag en elke nag weet wat jy moet doen.

23Want die dinge wat jou pa vir jou sê, is soos ’n lamp, die dinge wat jou ma vir jou leer, is soos ’n lig. Iemand wat vir jou sê wat jy moet doen en wat vir jou leer, lei jou op die pad van die lewe.

24Hy beskerm jou teen die slegte vrou, teen die skelm woorde van die vrou wat nie jou vrou is nie.

25Jy moenie daardie vrou wil hê omdat sy mooi is nie, jy moenie dat sy jou vang met haar oë nie.

26Ja, jy kan ’n prostituut kry en jy kan haar betaal met ’n rondebroodjie, maar die vrou van ’n ander man is soos ’n jagter, jy kan die beste wat jy het, verloor, jy kan jou lewe verloor.

27As iemand kole vuur voor by sy klere ingooi, dan sal sy klere aan die brand raak,

28of wanneer hy op warm kole loop, dan sal sy voete brand.

29So sal dit gaan met iemand wat by ’n ander man se vrou slaap, die man wat aan haar raak, sal nie vry wegkom nie, haar man sal hom straf.

30Wanneer ’n dief steel, dan sal mense altyd dink hy doen verkeerd, ook wanneer hy steel omdat hy honger is.

31Wanneer mense uitvind dat hy gesteel het, dan sal hy sewe maal meer moet teruggee, hy sal alles moet gee wat daar in sy huis is.

32’n Man wat egbreuk pleeg, is baie dom, hy is mal. Hy verwoes sy eie lewe wanneer hy dit doen.

33Hulle sal hom slaan en hulle sal hom verneder, die mense sal aanhou om hom te spot.

34Want wanneer daardie vrou se man kwaad is, dan is dit soos ’n vuur wat brand. Wanneer hy jou straf oor wat jy gedoen het, dan sal hy nie jammer wees vir jou nie.

35Hy sal nie geld van jou neem en jou los nie, hy sal nie jou geld neem nie, ook nie wanneer jy vir hom baie wil gee nie.

© Bible Society of South Africa.

Spreuke **7**

Wysheid sal jou beskerm teen die slegte vrou

1My seun, jy moet onthou wat ek vir jou sê, jy moet goed onthou wat ek sê jy moet doen.

2Jy moet dit doen sodat jy kan aanhou lewe. Die dinge wat ek vir jou leer, moet vir jou baie belangrik wees.

3Jy moenie dit vergeet nie, jy moet dit altyd onthou.

4 Wysheid moet vir jou wees soos jou suster, verstand moet wees soos jou goeie vriend.

5Dan sal dit jou beskerm teen die slegte vrou, die vrou wat nie jou vrou is nie en wat skelm dinge sê.

6Want ek het uitgekyk by my huis se venster,

7en toe sien ek ’n jongman wat baie onverstandig is, hy was tussen ander jongmense wat baie min weet.

8Hy het in die straat verbygeloop naby die hoek van die vrou se huis en hy het na haar huis gegaan.

9Dit was al laat, dit het donker geword, dit was nag.

10Daar het ’n vrou na die jongman toe gekom. Haar klere was soos ’n prostituut se klere en sy was slim en skelm.

11Sy het hard gepraat en sy was nie skaam nie, sy wou nie in haar huis bly nie.

12Sy het heen en weer geloop in die straat en op die oop plekke, sy het op elke straathoek gestaan en wag.

13Toe die jongman by haar verbyloop, gryp sy hom en sy soen hom. Sy het reguit in sy oë gekyk en sy het vir hom gesê:

14“Ek het baie vleis by die huis, want ek het vandag die offers gebring wat ek belowe het.

15Daarom het ek uitgekom na jou toe, ek het jou gesoek en ek het jou gekry.

16Ek het lakens oor my bed gegooi, lakens van bont Egiptiese linne.

17Ek het mirre, aalwyn en kaneel op my lakens gegooi.

18Kom ons drink die hele nag van die liefde, kom ons geniet die liefde.

19Ons kan dit doen, want my man is nie by die huis nie, hy het ver weg gaan reis.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Hy het ’n beursie vol geld saamgeneem en hy sal later terugkom, wanneer dit volmaan is.”

21So het sy die jongman verlei met haar slim woorde. Hy het geluister na haar mooi woorde en hy het gedoen wat sy sê.

22Die jongman het saam met haar geloop, hy was soos ’n bees wat na die slagplek gaan, soos ’n bok wat in ’n vangstrik getrap het.

23En toe het ’n pyl deur sy lyf gegaan. Hy het gesterf voordat hy dit besef, hy was soos ’n voël wat reguit in ’n vangnet vlieg.

24Daarom, my seun, jy moet luister na my, jy moet doen wat ek vir jou sê.

25Jy moenie saam met so ’n vrou gaan nie, jy moenie doen wat sy wil hê nie,

26want sy het baie mans laat sterf, sy het baie mans doodgemaak.

27In haar huis is jy op pad na die doderyk, daar gaan jy af na die plek van die mense wat dood is.

Spreuke 8

Die wysheid help mense om reg te besluit

1Die wysheid, die verstand, is soos ’n vrou. Sy praat hard, sodat almal haar kan hoor.

2Sy gaan staan op die hoë plekke langs die pad, by die plek waar die paaie bymekaarkom,

3en ook langs die poorte waar ’n mens ingaan in die stad. Sy staan by die deure en sy skree:

4“Mense, ek praat met julle. Mense, ek roep julle.

5Julle wat baie min weet, julle moet leer wat julle moet doen, julle wat soos dwase is, julle moet verstandig word.

6Julle moet luister, want ek wil belangrike dinge sê. Wanneer ek praat, dan sê ek dinge wat reg is.

7Ja, ek sal die waarheid praat, ek haat verkeerde dinge.

8Alles wat ek sê, is reg. Niks wat ek sê, is vals en verkeerd nie.

9Mense wat wil leer en wil verstaan, sal weet dat al my woorde eerlik en reg is.

10Julle moet doen wat ek vir julle sê, dit is beter as om silwer te hê. Om dinge te weet, is beter as om die beste goud te hê.

11Ja, wysheid is beter as koraal, wysheid is beter as enige iets wat jy graag sal wil hê.

© Bible Society of South Africa.

12 Ek is wysheid. Waar ek is, daar weet mense wat om te doen, ek weet wat mense
moet leer om die regte dinge te kan doen.

13 Mense wat nie daarvan hou om ander mense te bedrieg nie, is mense wat die
Here respekteer en Hom dien. Ek haat mense wat hoogmoedig en trots is, mense
wat sleg lewe en vals is wanneer hulle praat.

14 Ek help mense om reg te besluit en om die regte wysheid te kry, ek maak mense
slim en sterk.

15 Konings gebruik my wanneer hulle regeer, leiers gebruik my wanneer hulle moet sê
wat reg is.

16 Amptenare, belangrike mense, almal wat reg moet oordeel, gebruik my.

17 Ek is lief vir mense wat lief is vir my, mense wat my soek, kry my.

18 Mense wat wysheid het, sal baie goed hê, en ander mense sal hulle respekteer.
Hulle sal ryk wees, en dit sal goed gaan met hulle.

19 Ek gee vir mense dinge wat beter is as goud, beter ook as goeie goud, beter as die
beste silwer.

20 Waar ek gaan, daar lewe mense reg, en daar doen hulle reg aan ander mense.

21 Ek maak die mense ryk wat lief is vir my, ek maak hulle stoorkamers vol."

Die wysheid was daar van die begin af

22 Die wysheid sê: "Die Here het my gemaak, Hy het my eerste gemaak. Ek is die
eerste ding wat Hy gemaak het.

23 Ek is lankal daar, van die begin af, voordat die aarde daar was.

24 Ek was klaar daar toe die diep water nog nie daar was nie, toe daar nog nie
fonteine vol water was nie.

25 Ek het gekom voordat die Here die berge op hulle plekke gesit het, voordat daar
heuwels was.

26 Dit was voordat die Here die aarde en die veld gemaak het, voordat daar grond in
die wêreld was.

27 Ek was ook daar toe die Here die hemeldak gemaak het, toe Hy besluit het waar
die diep water moet ophou en waar die lug moet begin,

28 toe Hy vir die wolke daarbo 'n plek gemaak het en die sterk fonteine van die diep
water oopgemaak het.

29 Ek was daar toe Hy gesê het hoe ver die water van die see mag kom en toe Hy
die fondamente van die aarde neergesit het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30Ek het alles by Hom geleer wat ek weet, Hy was elke dag bly dat ek daar is, dit was vir my lekker om altyd naby Hom te wees.

31Ek het dit geniet tussen die mense wat op sy aarde woon, dit was vir my lekker tussen die mense.

32Daarom, kinders, julle moet luister na my. Dit gaan goed met mense wat lewe soos ek lewe.

33Julle moet luister na wat ek vir julle leer, dan sal julle wysheid kry. Julle moenie dit los nie.

34Dit gaan goed met mense wat luister na my, mense wat wakker bly en elke dag staan en wag by my deure, die deure waardeur julle kan inkom na my toe.

35Want mense wat wysheid kry, kry die lewe, en die Here hou van hulle.

36Maar die mense wat nie wysheid wil hê nie, is mense wat hulleself wil laat swaarkry. Almal wat nie van my hou nie, is mense wat lief is vir die dood."

Spreuke **9**

Die wysheid is soos 'n vrou wat haar huis gebou het

1Die wysheid is soos 'n vrou wat haar huis gebou het, 'n huis wat sewe pilare het.

2Toe het sy skape geslag en sy het wyn gemeng met kruie en die tafel gedek.

3Sy het haar jongmeisies gestuur om op die hoogste plek in die stad te staan en hard te sê:

4"Almal wat baie min weet, julle moet hiernatoe kom." Sy het vir die mense wat nog baie moet leer, gesê:

5"Julle moet by my kom eet en julle moet kom drink van die wyn wat ek gemeng het met kruie.

6Julle moet ophou om baie min te weet, sodat julle kan lewe, julle moet verstandig word."

As jy wysheid het, dan sal jy lank lewe

7Wanneer jy vir iemand iets wil leer, iemand wat altyd wil spot, dan sal hy miskien vir jou lag. Wanneer jy vir iemand wat verkeerd lewe, wil leer wat hy moet doen, dan sal hy miskien vir jou seermaak.

8Daar is mense wat altyd wil spot, jy moenie probeer om vir hulle te leer wat hulle moet doen nie, hulle sal jou haat. Wanneer jy vir 'n wyse mens wil leer wat om te doen, dan sal hy lief wees vir jou.

9Wanneer jy vir 'n wyse mens iets leer, dan kry hy meer wysheid. Wanneer jy vir 'n mens wat reg lewe, iets leer, dan weet hy nóg meer.

© Bible Society of South Africa.

10Wanneer jy die Here respekteer en dien, dan begin jy wysheid kry. Wanneer jy die heilige God ken, dan is jy verstandig.

11As jy wysheid het, dan sal jy lank lewe, jy sal baie jare lank lewe.

12As jy wysheid het, dan sal jou wysheid altyd vir jou help. As jy iemand is wat altyd wil spot, dan sal niemand jou help nie.

Die dwaasheid weet nie om iets reg te doen nie

13Die dwaasheid is soos ’n vrou wat hard praat, sy het nie mooi maniere nie, sy weet baie min, sy weet nie hoe om iets reg te doen nie.

14Sy sit by haar huis se deur, sy sit op haar stoel op die hoogste plek in die stad,

15en sy roep al die mense wat verbykom, die mense wat reguit verbyloop.

16Sy sê die mense wat baie min weet, moet na haar toe kom, sy sê vir die mense wat nog moet leer:

17“Water wat jy steel, smaak soet, kos wat jy skelm eet waar niemand jou sien nie, is lekker.”

18Maar hulle weet nie dat haar huis die plek is waar die dooie mense woon nie, hulle weet nie dat die mense wat na hierdie vrou toe gaan, in die doderyk is nie.

Spreuke 10

Mense wat reg lewe en mense wat verkeerd doen

1 Spreuke van Salomo. ’n Pa en ’n ma is bly as hulle kinders wysheid het, maar hulle is hartseer as hulle kinders dwase is.

2As ’n mens verkeerd lewe, dan help dit niks dat hy baie goed gekry het nie. As hy reg lewe, dan sal dit hom red van die dood.

3As ’n mens reg lewe, dan laat die Here hom nie honger kry nie, maar vir die mense wat verkeerd doen, gee Hy nie die dinge wat hulle wil hê nie.

4Hande wat lui is, laat mense arm word, maar hande wat hard werk, maak mense ryk.

5’n Kind wat in die somer die koring-oes bymekaarmaak, is verstandig. ’n Kind wat slaap wanneer hy die koring moet afsny, sal niks hê nie.

6Mense seën ’n persoon wat reg lewe, maar wanneer die mens wat verkeerd doen, praat, dan probeer hy om ander mense seer te maak.

7Mense onthou ’n persoon wat reg gelewe het, maar niemand wil dink aan mense wat verkeerd gedoen het nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8 ’n Verstandige mens doen wat ander mense vir hom sê om te doen, maar ’n dwaas
hou aan om te praat totdat hy sterf.

9 ’n Mens wat eerlik lewe, is veilig, maar wanneer iemand skelm is, dan sal ander
mense dit uitvind.

10 ’n Mens wat altyd ander mense wil bedrieg, laat hulle seerkry. ’n Dwaas hou aan
om te praat totdat hy sterf.

11 Wanneer die mens wat reg lewe, praat, dan laat hy ander mense lewe, maar
wanneer die mens wat verkeerd doen, praat, dan maak hy ander mense seer.

12 Haat laat mense twis met mekaar, maar liefde praat nie oor die dinge wat vir ander
mense pla nie.

13 Wanneer ’n verstandige mens sy mond oopmaak, dan kom daar wysheid uit, maar
die persoon wat nog baie moet leer, kry straf.

14 Wyse mense weet baie, maar wanneer ’n dwaas sy mond oopmaak, dan gaan dit
gou sleg.

15 Die rykdom van ’n ryk mens is soos ’n sterk stad, maar dit gaan sleg met arm
mense omdat hulle arm is.

16 Die beloning van ’n mens wat reg doen, is die lewe self, alles wat die mens doen
wat verkeerd lewe, is sonde.

17 ’n Mens wat onthou wat hy geleer het, loop op die pad van lewe, ’n mens wat nie
doen wat hy moet doen nie, weet nie waarnatoe hy gaan nie.

18 ’n Mens wat ander mense haat, is vals wanneer hy praat, dit is ’n dwaas wat
skinder oor ander mense.

19 Die mens wat baie praat, sê maklik verkeerde dinge, die mens wat versigtig is en
dink voordat hy praat, is verstandig.

20 Die woorde van ’n mens wat reg lewe, is soos die beste silwer, die dinge wat
mense dink wat verkeerd doen, beteken niks.

21 Wanneer ’n mens wat reg lewe, praat, dan is hy soos ’n herder vir baie mense.
Dwase sterf omdat hulle onverstandig is.

22 Dit is die seën van die Here wat mense ryk maak, en Hy laat mense nie méér
swaarkry omdat hulle ryk is nie.

23 Dit is vir ’n dwaas lekker om slegte dinge te doen, vir ’n verstandige mens is dit
lekker om wysheid te hê.

24 Die mens wat verkeerd doen, kry die dinge waarvoor hy bang is. Die Here gee vir
die mense wat reg lewe, alles wat hulle wil hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Wanneer daar ’n stormwind kom, dan waai dit die mense weg wat verkeerd doen.
Mense wat reg lewe, staan altyd vas.

26Jy moenie ’n lui mens stuur om iets te doen nie, hy is soos asyn vir jou tande, soos
rook vir jou oë.

27As iemand die Here respekteer en Hom dien, dan sal daardie persoon lank lewe.
Mense wat verkeerd doen, se lewe is kort.

28Mense wat reg lewe, sal gelukkig wees, mense wat verkeerd doen, kan nie hoop
dat dit later goed sal gaan nie.

29Mense wat aanhou lewe soos die Here wil hê, is veilig, mense wat slegte dinge
doen, sal sterf.

30Die mens wat reg lewe, sal altyd vas staan en veilig wees. Mense wat verkeerd
doen, sal nie altyd in die land woon nie.

31Wanneer ’n mens wat reg doen, praat, dan sê hy dinge wat wysheid is. ’n Mens
wat altyd ander mense bedrieg, sal moet stilbly.

32’n Mens wat reg lewe, weet wat die regte ding is om te sê, mense wat verkeerd
doen, wil altyd ander mense bedrieg.

Spreuke **11**

Mense wat reg lewe, sal aanhou lewe

1Die Here haat ’n weegskaal wat nie reg weeg nie, Hy hou van gewigte wat presies
reg weeg.

2Mense sal ’n hoogmoedige mens maklik verneder, wyse mense is nederig.

3Eerlike mense hou aan om reg te lewe, mense wat ontrou is, sterf omdat hulle
skelm is.

4Wanneer die Here kwaad is vir jou, dan help dit nie dat jy ryk is nie, maar wanneer
jy reg lewe, dan sal dit jou lewe red.

5Die pad van eerlike mense is gelyk, want hulle doen reg. ’n Mens wat verkeerd
doen, sterf omdat hy verkeerd doen.

6Mense wat reg lewe, sal aanhou lewe, want hulle doen reg, maar die dinge wat
ontrou mense graag wil hê, vang daardie mense.

7Wanneer die mens wat verkeerd doen, sterf, dan sterf alles wat hy gehoop het,
saam met hom, slegte mense kan nie hoop dat dit later goed sal gaan nie.

8Wanneer dit sleg gaan met ’n mens wat reg lewe, dan red die Here hom, en dan laat
Hy dit sleg gaan met die mens wat verkeerd doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9’n Mens wat nie die Here dien nie, praat sleg oor ander mense, hy wil hulle laat
sterf, maar mense wat reg doen, weet hoe hulle moet lewe, en hulle hou aan om te
lewe.

10Die mense in ’n stad is bly wanneer dit goed gaan met die mense wat reg doen, en
hulle juig wanneer die mense sterf wat verkeerd doen.

11Dit gaan goed in ’n stad wanneer die Here die mense seën wat reg lewe, maar
wanneer mense verkeerd doen, dan gaan dit sleg in ’n stad.

Verstandige en onverstandige mense

12Dit is ’n onverstandige mens wat sê dat ’n ander mens nie belangrik is nie,
’n verstandige mens sê niks.

13Iemand wat skinder, sê dinge wat ander mense nie moet weet nie, iemand vir wie
jy kan glo, praat nie oor die dinge waaroor ’n mens moet stilbly nie.

14’n Volk sal ’n oorlog verloor wanneer mense nie goed dink voordat hulle die oorlog
begin nie, maar wanneer daar baie raadgewers is, dan sal hulle wen.

15Dit sal sleg gaan met ’n persoon wat borg staan vir iemand, ’n persoon wat nie wil
borg staan nie, is veilig.

16’n Goeie vrou lewe só dat mense haar respekteer. Mense wat altyd wil seermaak
en doodmaak, lewe net om ryk te word.

17’n Persoon wat doen wat hy belowe, kry sy beloning, ’n wrede mens laat homself
swaarkry.

18Die beloning van die mens wat verkeerd doen, beteken niks. Iemand wat aanhou
om reg te doen, sal waarlik beloon word.

19’n Mens wat aanhou om reg te doen, sal aanhou lewe. ’n Mens wat graag verkeerd
doen, sal sterf.

20Die Here haat skelm mense, maar Hy hou van mense wat reg lewe.

21Jy kan dit weet, dit is seker, ’n slegte mens sal sy straf kry, maar die nageslag van
mense wat reg doen, sal vry wegkom.

22’n Mooi vrou wat nie verstandig kan besluit nie, is soos ’n goue ring aan ’n vark se
neus.

23Mense wat reg lewe, wil hê dat dit goed moet gaan, mense wat verkeerd doen,
moet weet dat die Here hulle sal straf.

Wanneer iemand goed wil doen, dan sal mense goed wees vir hom

24Daar is mense wat hulle goed vir ander mense uitdeel, maar hulle kry altyd meer
goed, daar is ook mense wat nie graag vir ander mense iets doen nie, húlle word self
arm.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Wanneer iemand dit goed laat gaan met ander mense, dan gaan dit goed met hom.
As hy vir ander mense water gegee het toe hulle dors was, dan sal hy ook water kry
wanneer hy dors is.

26Wanneer iemand koring het maar hy wil dit nie verkoop nie, dan sal mense
hom vervloek, wanneer iemand van sy koring wil verkoop, dan sal mense hom seën.

27Wanneer iemand goed wil doen, dan sal mense goed wees vir hom, wanneer
iemand slegte dinge wil doen, dan sal slegte dinge met hom gebeur.

28Iemand wat dink dat dit hom sal help as hy ryk is, sal sterf, maar dit sal baie goed
gaan met mense wat reg lewe.

29Wanneer iemand slegte dinge met sy huisgesin laat gebeur, dan sal hy later alles
verloor. ’n Onverstandige mens word die slaaf van ’n wyse mens.

30Iemand wat reg lewe, laat ander mense waarlik lewe, ’n wyse mens sal lank lewe.

31Mense wat reg doen, kry op die aarde alles wat hulle moet kry, mense wat
verkeerd doen en wat sondaars is, sal ook alles kry wat hulle moet kry, hulle sal straf
kry.

Spreuke 12

Mense wat reg lewe, dink reg

1Iemand wat daarvan hou dat mense vir hom leer, wil graag dinge weet, iemand wat
nie daarvan hou dat mense vir hom sê hoe hy moet lewe nie, is dom.

2Die Here is goed vir ’n goeie mens, maar Hy straf mense wat skelm planne het.

3’n Mens wat verkeerd doen, sal nie aanhou lewe nie, maar die mense wat reg lewe,
sal vas bly staan en veilig wees.

4Mense respekteer ’n man wat ’n goeie vrou het, maar wanneer ’n man skaam moet
wees vir sy vrou, dan is sy soos kanker in sy liggaam.

5Mense wat reg lewe, dink reg, die planne van mense wat verkeerd doen, help niks.

6Wanneer die mense wat verkeerd doen, praat, dan wil hulle ander mense laat sterf,
eerlike mense se woorde red hulle.

7Wanneer die mense wat verkeerd doen, sterf, dan is hulle weg, maar die nageslag
van mense wat reg lewe, sal altyd daar wees.

8Mense prys iemand wat verstandig praat, maar hulle spot iemand wat dom dinge
sê.

9Dit is beter om nie belangrik te wees nie en ’n slaaf te hê, as om baie belangrik te
wees en nie kos te hê om te eet nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10 ’n Mens wat reg lewe, weet wat sy diere nodig het, maar mense wat verkeerd
doen, is wreed, ook wanneer hulle probeer om goed te wees.

11 Wanneer iemand in sy grond werk, dan sal hy genoeg hê om te eet,
’n onverstandige mens doen dinge wat vir hom niks help nie.

12 ’n Mens wat verkeerd doen, dink hy sal veilig wees wanneer hy slegte dinge doen,
mense wat reg lewe, is veilig.

13 Die verkeerde dinge wat ’n slegte mens sê, is soos ’n vangstrik wat hom vang,
maar wanneer ’n mens reg lewe, dan sal dit nie vir hom gevaarlik wees nie.

14 Wanneer ’n mens die regte dinge sê, dan sal dit baie goed gaan met hom, en
wanneer hy met sy hande werk, dan sal hy beloning kry.

Wyse mense en dwase

15 ’n Dwaas dink dit is reg om te lewe soos hy wil, maar ’n wyse mens luister
wanneer iemand vir hom sê wat om te doen.

16 ’n Dwaas wys dadelik wanneer hy kwaad is, ’n verstandige mens wys nie hoe hy
voel wanneer mense hom beledig nie.

17 Wanneer iemand die waarheid praat, dan bring hy ’n boodskap wat reg is,
’n getuie wat lieg, wil mense bedrieg.

18 Wanneer mense praat en nie dink wat hulle sê nie, dan maak hulle ander mense
seer. Wyse mense sê dinge wat ander mense beter laat voel.

19 Woorde wat die waarheid is, bly altyd waar, maar mense weet gou wanneer
iemand ’n leuen vertel.

20 Mense wat planne maak om slegte dinge te doen, wil ander mense bedrieg, mense
wat planne maak om dit goed te laat gaan, maak ander mense bly.

21 Met die mens wat reg lewe, gebeur daar niks wat sleg is nie. Maar dit gaan altyd
sleg met mense wat verkeerd doen.

22 Die Here haat iemand wat lieg, maar Hy hou van mense wat die regte dinge doen.

23 ’n Verstandige mens sê nie vir almal wat hy weet nie, maar ’n dwaas skree en sê
die dom dinge waaraan hy dink.

24 Mense wat fluks werk, sal oor ander mense regeer, maar lui mense sal soos slawe
moet werk.

25 ’n Mens wat bekommerd is, voel nie gelukkig nie, maar ’n vriendelike woord maak
hom bly.

26 ’n Mens wat reg lewe, loop op die pad wat ’n vriend vir hom wys, mense wat
verkeerd doen, verdwaal op die pad wat hulle self kies.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27’n Lui mens kry niks, hy vang ook nie diere in die veld om te eet nie, ’n mens wat fluks werk, maak vir hom kosbare dinge bymekaar.

28Wanneer mense aanhou om reg te doen, dan hou hulle aan om te lewe, wanneer hulle aanhou om so te lewe, dan sal hulle nie sterf nie.

Spreuke **13**

Die lig van mense wat reg lewe, skyn vrolik

1’n Kind wat wysheid het, luister wanneer sy pa vir hom leer, maar iemand wat altyd wil spot, luister nie wanneer sy pa met hom raas nie.

2Wanneer ’n mens die regte dinge sê, dan sal hy goeie dinge kry, maar mense wat ontrou is, wil altyd ander mense seermaak en doodmaak.

3As ’n mens versigtig is wanneer hy iets sê, dan sal hy aanhou lewe, maar ’n mens wat te veel praat, sal sterf.

4’n Lui mens word honger en hy kry niks om te eet nie, maar mense wat fluks werk, kry meer as genoeg om te eet.

5’n Mens wat reg lewe, haat leuens, maar die mens wat verkeerd doen, sê dinge waaroor almal skaam word.

6Iemand wat heeltemal reg lewe, is veilig omdat hy reg doen, maar ’n sondaar sterf omdat hy verkeerd doen.

7Party mense maak of hulle ryk is, maar hulle het niks, party mense maak of hulle arm is, maar hulle het baie.

8Wanneer iemand ryk is, dan moet hy homself miskien loskoop, maar niemand sê dat ’n arm mens iets moet betaal nie.

9Die lig van mense wat reg lewe, skyn vrolik, maar die lamp van mense wat verkeerd doen, gaan dood.

10’n Hoogmoedige mens wil altyd twis. Iemand wat wysheid het, luister wanneer ander mense vir hom sê wat om te doen.

11Iemand wat skielik ryk geword het, word gou weer arm, iemand wat stadig en versigtig goed bymekaarmaak, word ryker en ryker.

12’n Mens word moedeloos wanneer hy nie kry wat hy graag wil hê nie, maar hy is weer lus om te lewe wanneer hy kry wat hy wil hê.

Die dinge wat ’n wyse mens vir jou leer, laat jou lewe

13Wanneer ’n persoon nie wil doen wat ’n wyse mens vir hom leer nie, dan sal hy arm word en hy sal iemand se slaaf moet word, maar wanneer hy doen wat ’n wyse mens vir hom sê, dan sal hy ’n beloning kry.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Die dinge wat ’n wyse mens vir jou leer, laat jou lewe, dit keer sodat die dood jou nie in sy vangstrik vang nie.

15Mense sal van jou hou as jy verstandig is, mense wat ontrou is, se planne sal nie slaag nie.

16Elke slim mens weet hoe om dinge te doen, maar ’n dwaas hou aan om te wys hoe dom hy is.

17Dit sal sleg gaan met ’n boodskapper wat ’n verkeerde boodskap bring, maar ’n mens wat sy boodskap reg bring, laat dit beter gaan met mense.

18’n Mens wat nie wil doen wat ’n wyse mens vir hom leer nie, word arm, en niemand respekteer hom nie, maar mense respekteer iemand wat onthou wat ’n wyse mens vir hom sê.

19Dit is lekker om iets te kry wat jy graag wil hê. Dwase haat dit om op te hou om slegte dinge te doen.

20Wanneer jy saam met wyse mense lewe, dan kry jy self wysheid, wanneer jy vir dwase mense wil sorg, dan word jy ook sleg.

21Dit gaan altyd sleg met sondaars, maar dit gaan goed met mense wat reg lewe.

22’n Goeie mens se kleinkinders kry sy goed wanneer hy sterf, maar die rykdom wat ’n sondaar bêre, gaan na iemand anders. Iemand wat reg lewe, kry dit.

23Wanneer arm mense hulle koringlande die eerste maal geploeg het, dan sal daar baie kos vir hulle op die lande wees, maar hulle verloor al die kos wanneer ander mense nie reg wil doen aan hulle nie.

24Wanneer iemand nie sy kind straf nie, dan is hy nie lief vir sy kind nie, as hy lief is vir sy kind, dan sal hy vir die kind reg leer.

25Mense wat reg lewe, het meer as genoeg kos om te eet, mense wat verkeerd doen, bly altyd honger.

Spreuke 14

’n Mens wat eerlik lewe, respekteer en dien die Here

1’n Vrou wat wysheid het, sorg vir haar huisgesin, maar ’n dwase vrou verwoes haar huisgesin.

2’n Mens wat eerlik lewe, respekteer en dien die Here, maar ’n mens wat nie eerlik is nie, wys dat hy dink die Here is nie belangrik nie.

3Wanneer ’n dwaas praat, dan wys hy hoe hoogmoedig hy is, en hy kry straf. Wanneer wyse mense praat, dan is hulle veilig.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4As iemand nie beeste het nie, dan sal die koring in die krip nie opraak nie, maar as hy een sterk bees het, dan kan hy baie koring op die koringland hê.

5’n Getuie wat altyd die waarheid praat, lieg nie, maar ’n vals getuie hou aan om te lieg.

6Iemand wat altyd spot, sal nie wysheid kry nie, ook nie wanneer hy dit soek nie. ’n Verstandige mens leer maklik nuwe dinge.

7Jy moet weggaan van ’n dwase mens, jy sal niks by hom leer nie.

8’n Slim mens wat wysheid het, weet hoe om te lewe, dwase bedrieg hulleself omdat hulle dwaas is.

9’n Mens wat baie dwaas is, spot wanneer hy ’n skuld-offer moet bring, maar eerlike mense wil hê dat God hulle offers moet aanvaar.

10’n Mens self weet hoe ongelukkig hy is, net hy weet dit, en niemand anders kan regtig weet hoe bly hy is nie.

11Die huisgesinne van mense wat verkeerd doen, sterf gou, maar dit gaan goed met die huisgesinne van eerlike mense.

12Iemand kan dink dat hy reg lewe, maar die manier hoe hy lewe, bring hom by die dood.

13’n Mens kan lag, ook wanneer hy hartseer is, maar hy kan ook eers bly wees en dan later huil en treur.

14Iemand wat verkeerd lewe, sal die straf kry wat hy moet kry, maar ’n goeie mens sal meer kry as wat hy moet kry.

15Mense wat baie min weet, glo enige iets, ’n slim mens dink goed voordat hy iets doen.

16’n Wyse mens is bang vir die dinge wat kan gebeur, en hy doen niks wat dit sleg sal laat gaan met hom nie. ’n Dwaas dink nie wat hy doen nie, hy dink hy sal altyd veilig wees.

17Iemand wat gou kwaad word, doen dom dinge. Mense haat iemand wat skelm planne maak.

18Mense wat baie min weet en wat nie wil leer nie, word dwase. Slim mense weet baie, en ander mense sien dit.

19Slegte mense moet buig voor goeie mense, mense wat verkeerd doen, moet buig by die poorte van die mense wat reg lewe.

Arm mense en ryk mense

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[20]Niemand hou van ’n arm mens nie, ook nie die persoon naby hom nie, maar ’n ryk mens het baie vriende.

[21]’n Sondaar dink die mense wat naby hom is, is nie belangrik nie, maar die persoon wat goed is vir mense wat hulleself nie kan beskerm nie, is ’n gelukkige mens.

[22]Mense wat besluit om slegte dinge te doen, weet nie wat met hulle sal gebeur nie. Mense wat besluit om goeie dinge te doen, doen wat hulle belowe het, hulle verander nie.

[23]Wanneer iemand hard werk, dan kry hy baie dinge. Wanneer iemand net praat en niks doen nie, dan bly hy arm.

[24] Wyse mense is ryk, en ander mense respekteer hulle, maar dwase mense bly dwaas.

[25]Wanneer ’n getuie die waarheid praat, dan red hy mense se lewens, maar wanneer ’n getuie aanhou om leuens te vertel, dan maak hy alles vals.

[26]Iemand wat die Here respekteer en dien, is veilig, en die Here beskerm daardie persoon se kinders ook.

[27]As jy die Here respekteer en dien, dan sal jy aanhou lewe, jy sal nie in die vangstrikke van die dood kom nie.

[28]Mense respekteer ’n koning wanneer hy oor ’n groot volk regeer, maar iemand wat oor min mense regeer, bly nie lank ’n koning nie.

[29]Iemand wat nie gou kwaad word nie, is baie verstandig, maar iemand wat gou kwaad word, wys vir almal dat hy ’n dwaas is.

[30]Wanneer ’n persoon kalm dink oor dinge, dan bly hy gesond, maar wanneer hy jaloers is, dan maak dit hom siek.

[31]Wanneer iemand ’n arm mens verdruk, dan beledig hy die Here wat die arm mens gemaak het. As iemand goed is vir ’n arm mens, dan respekteer en dien hy die Here.

[32]’n Mens wat verkeerd doen, sterf omdat hy slegte dinge doen, die mens wat reg lewe, weet dat die Here hom beskerm, ook wanneer hy sterf.

[33] Wysheid pas by ’n verstandige mens, maar ’n dwaas weet niks van wysheid nie.

[34]Almal respekteer ’n volk wanneer sy mense reg doen, maar wanneer sy mense sonde doen, dan moet ’n volk skaam wees.

[35]’n Koning hou van ’n verstandige amptenaar, maar die koning word kwaad wanneer die amptenaar nie sy werk doen nie.

Spreuke **15**

Wanneer wyse mense praat

© Bible Society of South Africa.

[1]Wanneer jy vir iemand mooi antwoord, dan sal hy ophou om kwaad te wees, maar wanneer jy dinge sê wat iemand seermaak, dan maak jy hom kwaad.

[2]Wanneer wyse mense praat, dan leer ’n mens, en dit is lekker. Maar wanneer dwase praat, dan sê hulle net dom dinge.

[3]Die Here sien oral, Hy sien wat slegte mense doen en Hy sien wat goeie mense doen.

[4]Wanneer iemand praat om dit beter te laat gaan, dan laat hy mense lewe, maar wanneer hy dinge sê wat vals is, dan maak hy mense moedeloos.

[5]Dit is ’n dwaas wat dink dat die dinge wat sy pa vir hom leer, nie belangrik is nie, maar iemand wat onthou wat sy pa vir hom sê, is verstandig.

[6]Iemand wat reg lewe, word baie ryk, maar as ’n mens verkeerd doen, dan sal die goed wat hy kry, dit sleg laat gaan met hom.

[7]Wanneer wyse mense praat, dan leer hulle vir baie mense om dinge te weet, maar dwase dink net oor dinge wat nie reg is nie.

[8]Die Here haat die offers wat mense bring wat verkeerd doen, maar Hy aanvaar die gebede van eerlike mense.

[9]Die Here haat dit wanneer mense verkeerd doen, maar Hy hou van mense wat altyd probeer om reg te doen.

[10]Die Here sal die mens straf wat ophou om reg te lewe. Die mens wat dit haat wanneer iemand vir hom wil leer, sal sterf.

[11]Die Here ken die doderyk en die onderwêreld, maar Hy ken die harte van mense nog beter.

[12]Iemand wat altyd wil spot, hou nie daarvan dat jy vir hom sê hoe hy moet lewe nie, hy gaan vra nie vir wyse mense wat hy moet doen nie.

[13]Wanneer iemand bly is, dan sal sy gesig gelukkig lyk, maar wanneer hy hartseer is, dan sien jy hy is moedeloos.

[14]’n Verstandige mens probeer altyd meer weet, maar dwase is tevrede om dom te bly.

[15]Dit gaan altyd sleg met iemand wat homself nie kan help nie, maar vrolike mense geniet altyd die lewe.

[16]Dit is beter om min te hê en die Here te respekteer en te dien, beter as om baie goed te hê en ook probleme te hê.

[17]Dit is beter om net groente te eet en te weet dat mense lief is vir jou, beter as om die vleis van ’n vet bees te eet en te weet dat mense jou haat.

© Bible Society of South Africa.

18 ’n Mens wat gou kwaad word, sal twis en stry, maar ’n geduldige mens maak vrede.

19 ’n Lui mens se lewe is soos ’n pad vol dorings, eerlike mense se lewe is soos ’n goeie pad.

20 ’n Pa en ma is bly wanneer hulle kinders wysheid het, maar ’n dwaas dink sy ouers is nie belangrik nie.

21 Iemand wat nie baie verstand het nie, is bly omdat hy dwaas is, ’n verstandige mens doen dinge wat reg is.

22 As jy nie vra wat jy moet doen nie, dan sal jou planne nie slaag nie, maar as jy baie raadgewers het, dan sal jou planne slaag.

23 Dit is lekker wanneer ’n mens weet wat om te antwoord, dit is die beste om die regte woord op die regte tyd te sê.

24 ’n Verstandige mens loop op die pad van die lewe, daardie pad gaan boontoe. ’n Verstandige mens loop nie op die pad na die doderyk nie, daardie pad gaan ondertoe.

25 Die Here breek die huis van hoogmoedige mense af, maar Hy beskerm die grond van die weduwee.

26 Die Here haat dit wanneer mense planne maak om slegte dinge te doen, maar Hy hou van vriendelike woorde.

27 Iemand wat altyd meer wil hê as wat hy moet kry, laat dit sleg gaan met sy huisgesin, maar iemand wat nie presente wil neem om verkeerde dinge te doen nie, sal lewe.

28 ’n Mens wat reg lewe, dink eers goed voordat hy antwoord, maar mense wat verkeerd doen, hou aan om slegte dinge te praat.

29 Die Here is ver van mense wat verkeerd doen, maar Hy hoor wanneer mense wat reg lewe, tot Hom bid.

30 Wanneer iemand vriendelik is, dan maak hy mense bly. Goeie nuus laat mense goed voel.

31 Iemand wat luister wanneer mense vir hom sê dat hy verkeerde dinge doen, sal saam met wyse mense kan woon.

32 Iemand wat nie wil leer nie, dink dit is nie belangrik wat met hom gebeur nie, iemand wat luister wanneer mense vir hom sê wat hy verkeerd doen, word verstandig.

33 As iemand wysheid wil leer, dan respekteer en dien hy die Here. ’n Mens moet nederig wees, dan sal ander mense hom respekteer.

© Bible Society of South Africa.

Spreuke 16

Dit is die Here wat besluit wat reg is

1 ’n Mens kan planne maak oor wat hy wil doen, maar dit is die Here wat sê wat sal gebeur.

2 ’n Mens dink dat alles reg is wat hy doen, maar die Here kyk of dit waarlik reg is.

3 Jy moet vir die Here vra wat jy moet doen, dan sal jou planne slaag.

4 Die Here het ’n plan met alles wat Hy gemaak het, Hy het ook ’n plan met die mense wat verkeerd doen, Hy sal hulle laat swaarkry.

5 Die Here haat mense wat hoogmoedig is, daardie mense sal hulle straf kry, dit is seker.

6 As jy wil hê die Here moet jou sondes vergewe, dan moet jy doen wat jy belowe en jy moet aanhou glo. As jy die Here respekteer en Hom dien, dan sal dit nie sleg gaan met jou nie.

7 Wanneer die Here tevrede is met ’n mens se lewe, dan laat Hy ook daardie persoon se vyande in vrede met hom lewe.

8 Dit is beter om ’n bietjie te hê wat jy eerlik gekry het as om baie te hê wat jy nie eerlik gekry het nie.

9 ’n Mens kan planne maak oor wat hy wil doen, maar dit is die Here wat besluit wat sal gebeur.

10 Dit is die Here wat vir die koning sê wat hy moet sê, die koning maak nie foute wanneer hy oordeel nie.

11 Die Here wil hê weegskale moet reg weeg, Hy self besluit hoe swaar die gewigte moet wees.

12 Konings haat dit wanneer mense verkeerd doen, want hulle weet dat hulle lank sal kan regeer as mense reg doen.

13 Konings wil hê dat mense die waarheid moet praat, hulle hou van eerlike getuies.

14 Wanneer die koning kwaad word vir jou, dan is jy naby jou dood. As jy wysheid het, dan sal jy probeer om die koning tevrede te hou.

15 Wanneer die koning vriendelik is, dan sal jy aanhou lewe, wanneer hy van jou hou, dan is dit vir jou soos die wolke wat reën bring in die lente.

16 Dit is beter om wysheid te kry as om goud te kry, dit is beter om verstandig te wees as om silwer te wil hê.

© Bible Society of South Africa.

17Eerlike mense loop op ’n pad waar dit nie sleg gaan met hulle nie. As hulle op daardie pad bly, dan hou hulle aan om te lewe.

18Wanneer iemand hoogmoedig is, dan sal dit gou sleg gaan met hom, wanneer hy dink dat hy beter is as ander mense, dan sal hy gou val.

19Dit is beter om nederig te wees saam met die mense wat hulleself nie kan beskerm nie, beter as om ander mense se goed te vat en dan saam met hoogmoedige mense te lewe.

20Dit sal goed gaan met iemand wat doen wat ’n mens vir hom leer, hy sal gelukkig wees as hy glo dat die Here sal doen wat Hy belowe het.

21As iemand wysheid het, dan weet mense dat hy verstandig is. Sy woorde is soos heuning, ander mense leer graag van hom.

22As iemand verstandig is, dan hou hy aan om te lewe, maar dwase kan vir ’n mens net dom dinge leer.

23Iemand wat wysheid het, praat verstandig, ander mense kan by hom leer.

24Woorde wat lekker is om te hoor, is soos ’n heuningkoek, dit is soet en dit hou ’n mens gesond.

25’n Mens dink miskien dat hy reg lewe, maar dan bring dit hom later by die dood.

26Wanneer ’n werker honger is, dan werk hy hard, sy honger jaag hom sodat hy kan eet.

27’n Slegte mens dink en praat net slegte dinge, alles wat hy sê, is soos ’n vuur wat brand.

28Iemand wat ander mense wil bedrieg, laat mense twis, hy hou aan om te skinder en hy maak vriende kwaad vir mekaar.

29Iemand wat ander mense altyd wil seermaak en doodmaak, bedrieg sy vriend en hy lei die vriend op ’n verkeerde pad.

30Wanneer iemand sy oë knip vir jou, dan wil hy iemand bedrieg, wanneer hy niks sê nie, dan het hy klaar besluit om ’n verkeerde ding te doen.

31Grys hare is soos ’n mooi kroon, ’n mens lewe lank as jy reg lewe.

32’n Geduldige mens beteken meer as iemand wat goed oorlog kan maak, ’n mens wat nie gou kwaad word nie, beteken meer as iemand wat ’n stad kan oorwin.

33Mense kan probeer uitvind wat die regte ding is om te doen, maar dit is die Here wat besluit wat reg is.

Spreuke **17**

© Bible Society of South Africa.

Die Here toets mense se harte

1Dit is beter om net ’n droë stukkie kos te hê as om ’n huis vol vleis te hê waar die
mense baklei.

2’n Verstandige slaaf sal regeer oor ’n seun wat niks reg doen nie. Die slaaf sal saam
met daardie seun se broers die pa se goed erf.

3’n Mens smelt silwer in ’n pot en jy smelt goud in ’n oond, maar die Here toets
mense se harte.

4Iemand wat verkeerde dinge wil doen, luister na mense wat slegte dinge sê. Iemand
wat leuens vertel, luister na mense wat alles wil verwoes.

5Wanneer jy vir ’n arm mens lag, dan beledig jy vir God wat die arm mens gemaak
het. As jy bly is wanneer iemand anders swaarkry, dan sal die Here jou straf.

6Kleinkinders laat oumense soos konings voel, en kinders is trots op hulle ouers.

7’n Mens dink dat ’n dwaas nie mooi sal praat nie, ’n mens dink ook dat ’n belangrike
mens nie sal lieg nie.

8Iemand wat presente gee sodat mense verkeerde dinge moet doen, dink die
presente sal hom laat slaag oral waar hy gaan.

9Iemand wat maak of hy nie sien wanneer iemand anders iets teen hom doen nie, is
iemand wat lief is vir mense. Iemand wat vertel wat ander mense oor mekaar sê, laat
vriende kwaad word vir mekaar.

10’n Verstandige mens luister wanneer iemand met hom raas, maar ’n dwaas luister
nie, hy luister ook nie wanneer hulle hom 100 maal met ’n stok slaan nie.

11’n Slegte mens wil altyd opstandig wees, maar daar sal iemand kom wat hom
wreed sal straf.

12Dit is gevaarlik om naby ’n beer-wyfie te kom wat kwaad is omdat haar kleintjies
dood is, maar dit is slegter om ’n dwaas te ontmoet wat dom dinge doen.

13Wanneer jy slegte dinge doen aan mense wat goed was vir jou, dan sal dit altyd
sleg gaan met jou huisgesin.

14Twis begin soos wanneer water begin lek, dit is beter dat jy ophou voordat die twis
begin.

15Die Here haat dit wanneer iemand sê dat ’n skuldige mens onskuldig is, en Hy
haat dit wanneer iemand sê dat ’n onskuldige mens skuldig is.

16’n Dwaas het miskien geld om wysheid te koop. Sal dit hom help? Nee, want hy
het nie verstand nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Jy kan altyd weet dat ’n vriend lief sal wees vir jou en dat ’n broer daar is om te help wanneer dit sleg gaan met jou.

18’n Mens wat nie verstand het nie, sal borg staan en sê dat hy sy vriend se skuld sal betaal.

19Iemand wat graag ander mense kwaad maak, hou van twis. Wanneer iemand dink dat hy beter is as ander mense, dan sal dit gou sleg gaan met hom.

20Dit sal nie goed gaan met ’n mens wat vals is nie. As hy ander mense wil bedrieg, dan sal dit sleg gaan met hom.

21’n Mens is hartseer wanneer jou kind ’n dwaas is, jy het dan niks waaroor jy bly kan wees nie.

22’n Gelukkige mens is ook ’n gesonde mens, maar ’n mens wat moedeloos is, word siek.

23’n Mens wat verkeerd doen, neem geld wat iemand skelm vir hom gee, en dan oordeel hy nie reg nie.

24’n Verstandige mens dink hoe hy wysheid kan kry, maar ’n dwaas dink hoe hy die hele aarde kan kry.

25Wanneer ouers ’n kind het wat ’n dwaas is, dan is hulle hartseer en teleurgesteld.

26Dit is verkeerd wanneer ’n onskuldige persoon boete moet betaal, dit is ook verkeerd om ’n belangrike persoon te laat slaan wanneer hy eerlik is.

27Iemand wat baie weet, praat nie baie nie, ’n verstandige persoon word nie gou kwaad nie.

28Mense dink iemand het wysheid wanneer hy nie praat nie, hulle dink hy is verstandig wanneer hy stilbly, hulle dink dit ook wanneer hy ’n dwaas is.

Spreuke 18

Die dinge wat ’n mens sê, kan soos diep water wees

1’n Selfsugtige mens lewe net vir homself, hy hou nie van ware wysheid nie.

2’n Dwaas wil nie verstandig word nie, hy wil net sê wat hy self dink.

3Iemand wat verkeerd doen, beledig mense oral waar hy kom, hy verneder hulle en hy laat hulle sleg voel.

4Die dinge wat ’n mens sê, kan soos diep water wees, soos ’n waterstroom wat vinnig vloei, daar kan wysheid uitkom.

5Dit is nie goed om te sê iemand wat skuldig is, is onskuldig nie, want dan sê jy die persoon wat onskuldig is, is skuldig.

© Bible Society of South Africa.

6 ’n Dwaas wil altyd twis wanneer hy praat, hy kry straf oor wat hy sê.

7 Wanneer ’n dwaas praat, dan laat hy dit sleg gaan met homself, die dinge wat hy sê,
is vir hom soos ’n vangstrik wat hom vang.

8 Skinderstories is soos lekkers, mense glo graag skinderstories.

9 Iemand wat nie sy werk goed doen nie, is soos iemand wat alles afbreek.

10 Die Naam van die Here is soos ’n sterk toring. Wanneer jy aan Hom behoort en reg
lewe, dan is jy veilig.

11 ’n Ryk mens dink sy goed is soos ’n stad wat sterk mure het, hy dink sy goed sal
hom beskerm soos ’n hoë muur.

12 Die Here sal ’n hoogmoedige mens verwoes, maar Hy sal ’n nederige mens
belangrik laat word.

13 Iemand wat nie goed luister voordat hy antwoord nie, doen ’n dom ding, en almal
sal dink hy is dom.

14 Wanneer ’n man aanhou hoop, dan sal dit hom help wanneer hy siek is, maar
niemand kan aanhou lewe as hy moedeloos is nie.

15 ’n Verstandige mens wil graag meer weet, wyse mense luister, hulle wil leer.

16 Wanneer iemand vir mense presente gee, dan is hy welkom by hulle, hy kan dan by
belangrike mense staan.

17 Dit lyk altyd of die persoon reg is wat eerste praat in ’n hof, maar wanneer iemand
vir hom vrae begin vra, dan lyk dit nie meer reg nie.

18 Wanneer ’n mens vir die Here vra wie is reg, dan kan mense ophou twis, en dan
kan sterk mense besluit om op te hou stry oor wie reg is.

19 ’n Mens kan nie maklik inkom in ’n stad wat sterk mure het nie, ook nie in ’n paleis
wat ’n sluitbalk aan die poort het nie. Jy kan ook nie maklik praat met ’n broer wat
kwaad is vir jou omdat jy iets verkeerd gedoen het aan hom nie.

20 Iemand wat die regte dinge sê, kry genoeg om te eet. Hy het genoeg omdat hy
weet wat om te sê.

21 Woorde kan mense laat sterf of dit kan mense laat lewe. As jy baie praat, dan kan
daar goeie of slegte dinge met jou gebeur.

22 Wanneer iemand ’n vrou kry, dan kry hy iets wat goed is, die Here is goed vir hom.

23 ’n Arm mens moet altyd mooi soebat, maar ’n ryk mens antwoord kwaai.

24 Daar is party vriende wat net praat maar wat niks help nie, maar ’n vriend kan vir
jou meer lief wees as ’n broer.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Spreuke **19**

Arm wees en ryk wees

1Dit is beter om arm te wees en eerlik te lewe as om mense te bedrieg en ook
’n dwaas te wees.

2Dit is nie goed om dinge te probeer doen as jy nie weet hoe nie. As jy te haastig is,
dan sal jy foute maak.

3Wanneer ’n mens dwaas is, dan doen hy verkeerde dinge, en dan sê hy dit is die
Here se skuld.

4Wanneer iemand ryk is, dan het hy baie vriende, maar wanneer iemand arm is, dan
sal die een vriend wat hy het, hom ook los.

5’n Vals getuie sal sy straf kry, iemand wat lieg, sal nie vry wegkom nie.

6Daar is altyd baie mense wat wil hê dat ’n belangrike persoon hulle vriend moet
wees, as iemand presente weggee, dan wil almal sy vriend wees.

7’n Arm mens se broers hou nie van hom nie, nie een van sy broers nie, sy vriende
hou ook nie van hom nie, sy vriende bly ver weg van hom. Wanneer die arm man
met hulle wil praat, dan is hulle nie daar nie.

8Iemand wat wil leer om verstandig te wees, is lief vir sy lewe, dit gaan goed met
iemand wat verstandig bly.

9’n Vals getuie sal sy straf kry, iemand wat lieg, sal sterf.

10’n Mens dink nie dat ’n dwaas lekker sal lewe nie, dit is nog meer verkeerd dat
’n slaaf oor leiers regeer.

11’n Verstandige mens word nie gou kwaad nie, hy hou daarvan om nie iemand
anders se foute te sien nie.

12Wanneer ’n koning kwaad is, dan moet jy vir hom so bang wees soos vir ’n leeu wat
brul. Wanneer die koning vriendelik is, dan is hy so goed vir jou soos dou op gras.

13’n Kind wat dwaas is, laat dit sleg gaan met sy pa. Wanneer ’n vrou aanhou kla, dan
is dit soos wanneer water aanhou drup deur die dak van ’n huis.

14Jy erf ’n huis en rykdom van jou voorvaders, maar dit is die Here wat vir jou ’n
verstandige vrou gee.

15’n Lui mens wil nie ophou slaap nie, daarom het hy nie genoeg om te eet nie.

16Iemand wat doen wat die Here wil hê, sal aanhou lewe, iemand wat dink dit is nie
belangrik om reg te lewe nie, sal sterf.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Wanneer iemand goed is vir ’n arm mens, dan is dit dieselfde soos om vir die Here geld te leen. Die Here sal alles aan hom terugbetaal.

18Jy moet jou kind reg grootmaak, want dan sal hy reg lewe, jy moenie hom laat sterf omdat jy nie gedoen het wat jy moes doen nie.

19Iemand wat gou kwaad word, moet sy boete self betaal. As jy hom een maal help, dan sal jy dit weer en weer moet doen.

20As jy luister na wat mense vir jou sê en as jy leer van hulle, dan sal jy later self wysheid hê.

21’n Mens kan baie planne hê, maar dit wat die Here besluit, sal gebeur.

22’n Mens kan aanhou doen wat hy graag wil doen, maar dit is beter om ’n arm mens te wees as om ’n mens te wees wat lieg.

23Iemand wat die Here respekteer en Hom dien, sal aanhou lewe, hy sal genoeg eet en lekker slaap. Niks wat sleg is, sal met hom gebeur nie.

24’n Lui mens steek sy hand in die kosbak, maar hy is te lui om sy hand terug te bring na sy mond.

25As jy ’n pak slae gee vir iemand wat altyd wil spot, dan sal ’n ander jongmens wat baie min weet, iets leer. As jy vir ’n verstandige mens sê hoe hy moet lewe, dan sal hy nog meer verstandig word.

26Dit is baie lelik wanneer ’n kind slegte dinge doen aan sy ouers en hy jaag hulle weg, ’n mens moet skaam wees daaroor.

27My seun, as jy aanhou om nie te leer nie, dan sal jy altyd dom bly.

28’n Getuie wat ’n slegte mens is, spot wanneer mense reg wil doen. Iemand wat verkeerd doen, sê dinge wat mense slegte dinge laat doen.

29Mense wat altyd wil spot, sal hulle straf kry, dwase sal ’n pak slae kry.

Spreuke 20

Die Here haat mense wat oneerlik is

1Wanneer jy te veel wyn gedrink het, dan wil jy altyd spot. Sterk drank laat jou ’n mens word wat altyd wil raas. Niemand wat dronk is, sal wysheid kry nie.

2’n Mens is bang vir ’n koning, so bang soos vir ’n leeu wat brul. As jy die koning kwaad maak, dan is dit gevaarlik, jy sal miskien sterf.

3Mense respekteer iemand wat nie wil twis nie, elke dwaas wil graag stry.

4Die lui mens ploeg nie wanneer hy moet ploeg nie, en wanneer dit tyd is om te oes, dan soek hy koring om af te sny, maar daar is niks.

© Bible Society of South Africa.

5Wanneer iemand goed dink voordat hy vir ander mense sê wat hulle moet doen,
dan is dit soos water in ’n diep put. Verstandige mense skep daaruit, hulle luister na
wat hy sê.

6Daar is baie mense wat sê hulle sal doen wat hulle belowe, maar daar is min mense
wat regtig doen wat hulle sê.

7’n Mens wat reg lewe, lewe eerlik, en sy kinders wat ná hom kom, is gelukkig.

8Wanneer ’n koning op sy troon gaan sit om te oordeel, dan sien hy alles wat
verkeerd is.

9Wie is daar wat kan sê: “Ek het my lewe skoon gehou, ek het nie sonde gedoen
nie”? Niemand.

10Die Here haat mense wat oneerlik is wanneer hulle dinge weeg of meet.

11Jy kan sien hoe ’n jongmens is wanneer jy kyk wat hy doen, jy kan sien of hy skoon
lewe en eerlik is.

12’n Mens het ore wat kan hoor en oë wat kan sien, en die Here het hulle gemaak.

13As jy nie arm wil word nie, dan moet jy nie lief wees vir slaap nie, as jy vroeg
opstaan, dan sal jy genoeg kos hê om te eet.

14Die persoon wat iets wil koop, sê die goed is sleg, maar wanneer hy weggaan, dan
is hy baie tevrede met wat hy gekoop het.

15Goud en edelstene is kosbaar, maar wanneer iemand dinge weet, dan is dit nog
meer kosbaar.

16Wanneer iemand borg gestaan het vir ’n mens wat hy nie ken nie, wanneer hy
belowe het om te betaal wat iemand uit ’n ander land skuld, dan moet jy sy klere vat
as jý iets van hom wil terugkry.

17As jy ander mense bedrieg het om kos te kry, dan smaak die kos miskien lekker in
die begin, maar later sal dit voel of jy klippies kou.

18As jy eers goed dink voordat jy planne maak, dan sal jou planne slaag. Jy moet vra
wat ander mense dink voordat jy besluit om oorlog te maak.

19Iemand wat skinder, sê dinge wat ander mense nie moet weet nie, jy moenie
vriende wees met iemand wat nie oppas wat hy sê nie.

20Wanneer iemand sy ouers vervloek, dan sal hy sterf, dit sal donker wees rondom
hom.

21Wanneer iemand later iets moet erf, maar hy vat dit voordat hy dit moet kry, dan
sal daardie goed nie méér word nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Wanneer iemand slegte dinge gedoen het aan jou, dan moet jy nie sê jy sal ook slegte dinge doen aan hom nie, jy moet wag vir die Here, Hy sal jou help.

23Die Here haat mense wat oneerlik is wanneer hulle dinge weeg, weegskale wat nie reg weeg nie, is nie goed nie.

24'n Mens kan nie self weet wat met hom sal gebeur nie. Dit is die Here wat besluit wat met ons sal gebeur.

25'n Mens trek 'n vangstrik styf vir homself wanneer hy iets wy maar nie dink wat hy belowe nie, hy besef later wat hy belowe het.

26'n Koning wat wysheid het, kan uitvind wie skuldig is, en hy straf hulle baie swaar.

27Die mens se gees is die lamp van die Here, dit ondersoek alles wat 'n mens dink en doen.

28Wanneer 'n koning doen wat hy belowe en hy hou sy belofte, dan is hy veilig en hy hou aan om te regeer, want hy doen wat hy belowe.

29Jongmanne is mooi omdat hulle sterk is, oumense is mooi omdat hulle grys hare het.

30Wanneer iemand 'n pak slae kry, dan hou hy op om verkeerde dinge te doen, as jy hom slaan, dan hou hy op om te dink aan verkeerde dinge.

Spreuke **21**

Die Here weet wat 'n mens dink

1Die dinge wat die koning dink, is vir die Here soos 'n stroom water, die Here lei die stroom waar Hy wil.

2'n Mens dink miskien dat alles wat hy doen, reg is, maar die Here weet wat 'n mens dink, Hy weet of dit reg is.

3Die Here hou meer van iemand wat reg lewe en reg doen as van iemand wat offer.

4Mense wat verkeerd doen, dink dat hulle belangrik is en dat hulle baie weet. Dit is hulle sonde.

5Wanneer flukse mense planne maak, dan word hulle ryk, maar almal wat te haastig is, sal arm word.

6Wanneer mense baie dinge het omdat hulle ander mense bedrieg het, dan verdwyn dit soos wind, en die mense sterf gou.

7Die mense wat verkeerd doen en wat ander mense wil seermaak en doodmaak, val in 'n vangnet wat hulle self styftrek omdat hulle nie reg wil doen nie.

8'n Skelm mens loop op verkeerde paaie, maar 'n eerlike mens het 'n skoon lewe.

© Bible Society of South Africa.

9Dit is beter om bo-op ’n huis se dak te woon as om in ’n huis te woon saam met ’n vrou wat aanhou kla.

10Die mens wat verkeerd doen, wil aanhou verkeerd doen, hy is nie jammer vir ander mense nie.

11Wanneer jy ’n persoon straf wat altyd wil spot, dan kry iemand wat baie min weet, wysheid. Wanneer jy vir ’n persoon leer wat wysheid het, dan leer hy nog meer.

12God doen reg. Hy sien wat gebeur in die huis van die mens wat verkeerd doen, en Hy laat dit sleg gaan met die mens wat verkeerd doen.

13As jy nie wil luister wanneer ’n arm mens vir jou vra om hom te help nie, dan sal die Here ook nie vir jou antwoord wanneer jy bid nie.

14Wanneer jy ’n present gee vir iemand wat kwaad is vir jou, dan moet jy dit gee waar ander mense dit nie sien nie, dan sal daardie persoon nie meer kwaad wees nie. Ook wanneer hy baie kwaad is, sal hy weer goed word as jy die present gee waar julle alleen is.

15’n Mens wat reg lewe, is bly wanneer hy reg kan doen, maar mense wat slegte dinge doen, sal sterf.

16Wanneer iemand ophou om verstandig te lewe, dan sal hy moet gaan woon waar die dooie mense is, hy sal sterf.

17As iemand baie hou van plesier, dan sal hy arm word, iemand wat baie lief is vir wyn en olyf-olie, word nie ryk nie.

18’n Mens sal maklik iemand wat verkeerd doen, omruil vir iemand wat reg lewe, of hy sal ’n ontrou mens omruil vir ’n eerlike mens.

19Dit is beter om in ’n woestyn te woon as om te woon saam met ’n vrou wat aanhou kla en wat jou laat swaarkry.

20In ’n wyse mens se huis is daar kosbare goed en olyf-olie, ’n dwase mens eet alles op wat hy het.

21As iemand probeer om reg te doen en om te doen wat hy belowe het, dan sal hy aanhou lewe, mense sal reg doen aan hom en hulle sal hom respekteer.

22Iemand wat wysheid het, kan ’n stad vol soldate oorwin, en hy kan die mure laat val wat die soldate moet beskerm.

23As iemand eers dink voordat hy iets sê, dan kry hy nie probleme nie.

24’n Hoogmoedige mens wat dink net hý is reg, is ’n mens wat altyd wil spot. Alles wat hy doen, wys dat hy trots is en dat hy dink hy is beter as ander mense.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25 ’n Lui mens gaan dood omdat hy net wens dat hy dinge sal kry, want hy wil nie
werk nie,

26 hy sit die hele dag en wens dat hy dinge sal kry. Iemand wat reg lewe, kan vir ander
mense van sy goed gee, hy is nie suinig nie.

27 Die Here haat die offers van mense wat verkeerd doen, Hy haat dit nog meer
wanneer hulle die offers bring omdat hulle skelm planne het.

28 ’n Vals getuie sal sterf, maar ’n getuie wat goed geluister het wat mense sê, kan
aanhou praat.

29 Die mens wat verkeerd doen, wys nie wat hy dink nie, die eerlike mens maak seker
dat hy reg lewe.

30 Wanneer ’n mens voor die Here staan, dan weet hy dat hy nie wysheid het nie en
niks verstaan nie, hy weet nie wat om te doen nie.

31 Jy kan vir perde leer en jy kan hulle in die oorlog gebruik, maar dit is die Here wat
jou die oorlog laat wen.

Spreuke 22

Ryk en arm mense is vir die Here dieselfde

1 Dit is beter om te weet dat mense jou sal onthou, beter as om ryk te wees. Dit is
beter om vriendelik te wees as om silwer en goud te hê.

2 Ryk en arm mense is vir die Here dieselfde, Hy het hulle almal gemaak.

3 ’n Verstandige mens sien wanneer daar probleme kom, en hy vlug. Mense wat baie
min weet, vlug nie, en hulle kry swaar.

4 Wanneer iemand nederig is en hy respekteer en dien die Here, dan word hy ryk, en
mense respekteer hóm, en hy lewe lank.

5 Daar is dorings en vangstrikke op die pad van skelm mense, maar iemand wat wil
aanhou lewe, loop nie op daardie verkeerde pad nie.

6 Wanneer jy vir ’n jongmens leer hoe hy moet lewe, dan hou hy aan om so te lewe,
ook wanneer hy oud geword het.

7 Ryk mense regeer oor arm mense, en iemand wat geld geleen het, word die slaaf
van die persoon by wie hy die geld geleen het.

8 Dit sal sleg gaan met iemand wat slegte dinge doen aan ander mense, hy sal straf
kry omdat hy dink hy kan doen wat hy wil.

9 Die Here sal die persoon seën wat goed is vir ander mense en wat vir arm mense
van sy kos gee.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10 Wanneer jy iemand wegjaag wat altyd wil spot, dan sal die mense ophou twis, en
dan kan hy nie meer mense beskuldig en beledig nie.

11 Wanneer iemand eerlik lewe en vriendelik is, dan is die koning sy vriend.

12 Mense kan aanhou leer hoe om te lewe omdat die Here regeer. Hy laat die dinge
wat verraaiers sê, nie gebeur nie.

13 ’n Lui mens sê: “Daar is ’n leeu daar buite. Hy sal my vang as ek uitgaan.”

14 Wanneer ’n slegte vrou jou uitnooi, dan is dit soos wanneer jy by ’n diep gat staan.
As die Here jou vervloek, dan sal jy in die gat val.

15 ’n Jongmens kan maklik ’n dwaas word, maar ’n pak slae sal help dat hy nie ’n
dwaas word nie.

16 Iemand wat arm mense verdruk, wil homself ryk maak, maar iemand wat presente
gee vir ryk mense, word self arm.

17 Jy moet goed luister na wat die wyse mense sê, jy moet hard probeer om te leer,

18 want dit is lekker om dinge te weet en om dit weer te kan vertel.

19 Ek leer vir jou vandag, vir jóú, sodat jy kan weet dat die Here doen wat Hy belowe
het.

20 Ek skryf hierdie belangrike dinge vir jou sodat jy kan weet wat om te doen en sodat
jy kan leer.

21 Jy moet weet wat die waarheid is en wat jy kan glo, sodat jy vir die persoon wat jou
stuur, kan sê wat regtig gebeur het.

22 Jy moenie ’n arm mens se goed vat omdat hy arm is nie, jy moenie iemand wat
homself nie kan beskerm nie, verkeerd oordeel nie,

23 want die Here sal self die Regter wees vir hulle, en Hy sal die persoon laat sterf
wat vir húlle wil laat sterf.

24 Jy moenie vriende wees met iemand wat gou kwaad word nie, jy moenie saamgaan
met so ’n mens nie,

25 want jy sal miskien soos hy word en jy sal soos ’n voël in ’n vangstrik trap.

26 Jy moenie soos ander mense vir iemand borg staan nie, jy moenie belowe om sy
skuld te betaal as hy dit nie kan betaal nie.

27 As jy nie kan betaal nie, dan sal mense ook jou bed wegvat.

28 Jy moenie grense verander nie, grense wat van lank gelede daar is, grense wat daar
was toe jou voorvaders gelewe het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

29Jy moet dit weet, ’n man wat vaardig is in sy werk, sal vir konings werk, hy sal nie
werk vir onbelangrike mense nie.

Spreuke **23**

Wanneer jy by iemand eet

1Wanneer jy gaan sit om saam met ’n belangrike amptenaar te eet, dan moet jy
aanhou kyk na die kos wat voor jou is.

2En as jy honger is, dan moet jy nie baie eet nie,

3jy moenie van sy lekker kos wil hê nie, die lekker kos sal jou verkeerde dinge laat
doen.

4Jy moenie aanhou werk net om ryk te word nie, jy moet verstandig wees en nie net
ryk wil word nie.

5Rykdom kan baie gou verdwyn, want dit kry vlerke en dit vlieg weg soos ’n arend.

6Jy moenie by ’n suinige mens gaan eet nie, jy moenie sy lekker kos wil hê nie,

7want hy sit en dink hoeveel jy eet, dit is wat hy doen. Hy sê vir jou jy moet eet en
drink, maar hy wil nie regtig hê dat jy dit moet doen nie.

8Jy sal naar word van die bietjie kos wat jy eet, en dit sal niks help dat jy vriendelik
met hom gepraat het nie.

Jy moet goed verstaan wat ek vir jou wil leer

9Jy moenie vir ’n dwaas iets probeer leer nie, hy sal dink jou verstandige woorde is
nie belangrik nie.

10Jy moenie grense verander wat van lank gelede daar is nie, jy moenie weeskinders
se grond vat nie,

11want hulle Losser is die Here, Hy is sterk, Hy sal die Regter wees wat oordeel en
sê wie is reg.

12Jy moet goed verstaan wat ek vir jou wil leer, jy moet luister na wat ek vir jou sê:

13Jy moenie bang wees om vir ’n kind te leer nie, want as jy hom straf, dan sal hy reg
grootword en nie sterf nie.

14Wanneer jy hom straf, dan red jy hom van die doderyk.

15My seun, as jy wysheid kry, dan sal ek baie bly wees.

16Dit sal vir my lekker wees wanneer jy die regte dinge sê.

17Jy moenie soos die sondaars wil wees nie, jy moet aanhou om die Here te
respekteer en te dien,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18want dan sal dit met jou goed gaan in die tyd wat later kom en jy sal kan aanhou lewe.

19My seun, jy moet luister sodat jy wysheid kan kry en sodat jy kan weet hoe om reg te lewe.

20Jy moenie saam met mense wees wat te veel wyn drink en te veel vleis eet nie,

21want mense wat altyd dronk is en mense wat altyd te veel eet, word arm, en al hulle klere is stukkend.

22Jy moet luister na jou ouers, ook wanneer hulle oud is, jy moenie dink hulle is dan nie meer belangrik nie.

23Jy moet soek na waarheid, jy moet dit nie los nie, jy moet wysheid kry, jy moet leer en verstandig word.

24'n Pa voel baie gelukkig en bly as hy 'n seun het wat reg lewe en wat wysheid het.

25Ek hoop jou ouers sal bly en gelukkig wees oor jou.

26My seun, jy moet verstaan wat ek vir jou sê, jy moet kyk hoe ek lewe en jy moet ook so lewe,

27want 'n prostituut, 'n slegte vrou, is soos 'n diep en nou gat waarin jy kan val.

28Sy lê en wag vir jou soos 'n dief, sy laat baie mans ontrou word.

29Wie is dit wat kla en sug, wie is dit wat twis? Wie is dit wat aanhou praat, wat seerkry maar hy weet dit nie? Wie het rooi oë?

30Dit is mense wat sit en drink tot dit laat is, mense wat aanhou proe aan drank.

31Jy moenie na die wyn kyk wanneer dit rooi is en blink in die beker nie, die wyn wat jy so lekker sluk.

32Wanneer jy die wyn klaar gedrink het, dan pik hy soos 'n slang en hy spoeg gif soos 'n kobra.

33Dan sien jy dinge wat jy nie ken nie en jy dink deurmekaar dinge.

34Dit voel of jy in die middel van die see lê, dit voel of jy op 'n seilskip se maspaal lê,

35en jy dink: Hulle het my geslaan, maar ek het nie seergekry nie, hulle het my gestamp, maar ek het dit nie geweet nie. Jy dink: Wanneer word ek wakker? Ek wil nog wyn gaan soek om te drink.

Spreuke 24

Jy moenie soos slegte mense wil wees nie

© Bible Society of South Africa.

[1]Jy moenie soos slegte mense wil wees nie, jy moenie verlang om saam met hulle te wees nie.

[2]Hulle dink altyd oor hoe hulle mense kan seermaak en doodmaak, hulle praat altyd oor hoe hulle ander mense kan laat swaarkry.

[3]Iemand wat wysheid het, kan ’n huis bou. As hy verstandig is, dan kan hy die huis sterk bou sodat dit vas staan.

[4]As hy weet hoe om dit te doen, dan kan hy die kamers volmaak met baie kosbare en mooi goed.

[5]Wanneer iemand wysheid het, dan is hy sterk, en wanneer hy weet hoe om te lewe, dan word hy nog sterker.

[6]Ja, jy moet eers jou planne gereedmaak, dan kan jy oorlog maak, en jy sal die oorlog wen as jy baie raadgewers het.

[7]’n Dwaas verstaan niks van wysheid nie, wanneer leiers praat, dan kan hy nie saam met hulle praat nie.

[8]Wanneer iemand planne maak om verkeerde dinge te doen, dan sê die mense hy is ’n man wat skelm dinge wil doen.

[9]Wanneer ’n dwaas skelm dinge wil doen, dan kry hy dit nie reg nie, want mense haat ’n persoon wat altyd wil spot.

[10]As jy nie weet wat om te doen wanneer dit gevaarlik is nie, dan is jy nie sterk genoeg nie.

[11]Wanneer jy sien dat mense gevangenes wegsleep om hulle dood te maak, wanneer jy weet dat hulle sal sterf as jy nie help nie, dan móét jy hulle red.

[12]Jy mag nie sê: “Ons het dit nie gesien nie,” want daar is Iemand wat in jou hart kyk, Hy weet wat gebeur en Hy kyk wat jy doen, Hy weet en Hy sal dieselfde aan jou doen wat jy aan ander mense doen.

[13]My seun, heuning is lekker om te eet, stroop is soet in jou mond.

[14]Die wysheid is ook so, om te weet wat om te doen, is ook so. As jy wysheid kry, dan sal dit goed gaan met jou, en jy sal aanhou lewe.

[15]Jy moenie wag by die huis van die mens wat reg lewe nie, jy moenie planne maak om sy huis te verwoes nie. Mense wat verkeerd lewe, doen daardie dinge.

[16]’n Mens wat reg lewe, kan baie maal val, maar hy staan elke maal weer op. Maar wanneer die mense wat verkeerd doen, val, dan gaan dit sleg met hulle.

[17]Jy moenie bly wees wanneer jou vyand val nie, jy moenie juig wanneer hy sterf nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18Want die Here sal sien wat jy doen, en Hy sal nie daarvan hou nie, Hy sal dan ophou om kwaad te wees vir jou vyand.

19Jy moenie kwaad en ontsteld word oor mense wat slegte dinge doen nie, jy moenie probeer wees soos die mense wat verkeerd doen nie.

20Want dit sal nie goed gaan met iemand wat verkeerde dinge doen nie, mense wat verkeerd doen, se lamp gaan dood, hulle sterf.

21Jy moet die Here én die koning respekteer en dien, jy moenie dinge doen saam met mense wat opstandig is nie,

22want dit gaan gou sleg met daardie mense, niemand weet wat alles met hulle kan gebeur nie.

23Die volgende spreuke is ook

Spreuke van mense wat wysheid het.

Wanneer jy moet oordeel

Wanneer jy moet oordeel, dan is dit verkeerd om téén een persoon te wees en vír ’n ander persoon te wees.

24Wanneer jy sê iemand wat skuldig is, is onskuldig, dan sal al die mense jou vervloek, almal sal wens dat dit sleg moet gaan met jou.

25Maar wanneer jy reg oordeel, dan sal dit goed gaan met jou, die Here sal jou seën.

26’n Goeie vriend gee eerlike antwoorde.

27Jy moet eers jou werk buite klaarmaak en jou koringland ploeg en saai, daarna kan jy jou huis begin bou.

28Jy moenie ’n getuie teen jou naaste word as hy niks verkeerd gedoen het nie, jy moenie dinge sê wat mense verkeerd laat doen nie.

29Jy moenie sê: “Ek sal aan hom doen wat hy aan my gedoen het, ek sal hom laat swaarkry oor wat hy gedoen het.”

‘n Lui mens word arm

30Ek het verby ’n lui mens se grond geloop, verby die wingerd van ’n onverstandige mens,

31en ek het gesien dat die hele land vol dorings is, dit is vol bossies, en die klipmuur het omgeval.

32Toe ek dit sien, het ek daaroor gedink, ek het gesien wat kan gebeur, en toe het ek dít geleer:

33Wanneer jy elke maal nog ’n bietjie wil slaap, nog ’n bietjie jou oë wil toemaak, nog ’n bietjie jou hande wil vou en bly lê,

© Bible Society of South Africa.

34dan sal jy arm word soos iemand wat net rondloop en nie werk nie, jy sal honger word soos ’n bedelaar.

Spreuke **25**

Wanneer jy by die koning is

1Die volgende spreuke is ook Salomo-spreuke. Koning Hiskia van Juda se manne het hierdie

Spreuke bymekaargemaak.

2Mense respekteer en dien vir God, maar hulle weet nie alles van Hom nie. Mense respekteer ’n koning wanneer die koning probeer om alles te weet.

3Niemand weet hoe hoog die hemel is en hoe diep die aarde is nie, en niemand weet wat die koning alles dink nie.

4Wanneer jy die vuil stukkies en die skuim uit gesmelte silwer haal, dan kan ’n silwersmid iets maak van die silwer.

5Wanneer jy die mense wat verkeerd doen, wegvat van die koning, dan kan die koning regverdig regeer.

6Jy moenie probeer wys jy is belangrik wanneer jy by die koning is nie, jy moenie gaan staan waar die belangrike mense staan nie.

7Want dit is beter as iemand vir jou sê: “Kom op hiernatoe,” beter as dat hy vir jou sê jy moet jou plek vir ’n belangrike persoon gee.

Jy en jou naaste

Wanneer jy by jou naaste iets gesien het wat verkeerd is,

8dan moet jy dit nie dadelik in die hof gaan vertel nie. Wat sal jy doen wanneer jou naaste bewys dat jy verkeerd is?

9Wanneer jy jou naaste wil beskuldig, dan moet jy nie vertel wat iemand anders vir jou gesê het toe julle alleen was nie.

10As jy dit doen, en jou naaste hoor dit, dan kan hy miskien sê jy praat nie die waarheid nie, en almal sal onthou wat jy gedoen het.

11Wanneer iemand die regte ding sê op die regte tyd, dan is dit soos goue appels wat iemand op silwer vasgesit het.

12Wanneer iemand wat wysheid het, vir jou sê hoe jy moet lewe, dan is dit soos ’n goue ring, soos juwele van goud.

13Wanneer iemand ’n slaaf gestuur het en die slaaf het die boodskap reg gebring, dan is dit soos wanneer dit warm was en sneeu het dit lekker koel gemaak. Dit laat die slaaf se eienaar goed voel.

© Bible Society of South Africa.

14Wanneer iemand spog oor ’n present wat hy nie gee nie, dan is dit soos wanneer
daar wolke is en die wind waai, maar daar is nie reën nie.

15As jy baie geduldig is, dan kan jy met ’n regeerder praat en hom laat besluit om
iets te doen, as jy vriendelik praat, dan sal hy miskien begin dink dat hy iets op ’n
ander manier moet doen.

16Wanneer jy heuning kry, dan moet jy nie te veel eet nie. As jy te veel eet, dan sal jy
naar word.

17Jy moenie te veel by jou naaste kuier nie. As jy te veel by hom kom, dan sal hy nie
meer lief wees vir jou nie.

18Iemand wat ’n vals getuie teen ’n ander mens is, is soos ’n knopkierie, ’n swaard of
’n skerp pyl.

19Jy moenie dink dat ’n ontrou mens jou sal help wanneer dit sleg gaan met jou nie.
’n Ontrou mens is soos ’n stukkende tand of ’n lam voet.

20Jy moenie vra dat iemand wat wil huil, liedjies moet sing nie. Dit is soos wanneer jy
op ’n koue dag iemand se klere wegvat, of soos wanneer jy asyn op ’n seerplek gooi.

21Wanneer iemand wat vir jou haat, honger is, dan moet jy vir hom kos gee om te
eet. Wanneer hy dors is, dan moet jy vir hom water gee om te drink.

22Dan sal jy hom skaam laat word omdat hy jou haat, en die Here sal jou beloon.

23Wanneer die noordewind waai, dan gaan dit reën. Wanneer iemand skinder, dan
word mense kwaad.

24Dit is beter om bo-op ’n huis se dak te woon as om in ’n huis te woon saam met ’n
vrou wat aanhou kla.

25Goeie nuus uit ’n ver land is soos koue water in die keel van ’n mens wat moeg is.

26’n Mens wat reg gelewe het en dan kies om dieselfde dinge te doen soos ’n
persoon wat verkeerd lewe, is soos ’n fontein of ’n put vol vuil water.

27Dit is sleg wanneer jy te veel heuning eet, en ook wanneer iemand jou te veel
respekteer.

28Iemand wat homself nie kan regeer nie, is soos ’n stad wat nie meer ’n muur
rondom hom het nie.

Spreuke 26

Niemand dink dat mense ’n dwaas moet respekteer nie

© Bible Society of South Africa.

1Niemand dink dat dit moet sneeu in die somer nie, niemand dink dat dit moet reën wanneer hy die ryp koring wil afsny nie, niemand dink dat mense ’n dwaas moet respekteer nie.

2As iemand jou vervloek wanneer jy niks verkeerd gedoen het nie, dan is dit soos voëltjies wat vlieg en nie gaan sit nie, dit gaan by jou verby.

3’n Mens gebruik ’n sweep vir ’n perd, ’n toom vir ’n donkie, en ’n lat vir ’n dwaas.

4As ’n dwaas dom dinge sê, en jy antwoord hom nie, dan sal hy dink jy is ook dom.

5As ’n dwaas dom dinge sê, en jy antwoord hom, dan sal hy dink hy het wysheid.

6Wanneer jy ’n dwaas stuur om ’n boodskap te bring, dan sal hy nie die boodskap reg bring nie, en dan sal iemand vir jou wil seermaak.

7’n Lam mens kan nie sy bene gebruik nie, dwase kan nie ’n spreuk gebruik wanneer hulle praat nie.

8Jy kan nie ’n klip met ’n slingervel gooi as jy die klip vasgebind het in die slingervel nie, jy kan ook nie vra dat mense ’n dwaas moet respekteer nie.

9Wanneer ’n dwaas ’n spreuk wil gebruik wanneer hy praat, dan is hy soos ’n dronk man wat ’n doringtak in sy hand het.

10Wanneer jy ’n dwaas huur of jy huur enige iemand wat by jou verbykom, dan is jy soos iemand wat almal rondom jou wil skiet.

11’n Dwaas wat twee maal dieselfde dom ding doen, is soos ’n hond wat terugkom na die kos wat hy opgebring het.

12Wanneer jy iemand sien wat dink net hý het wysheid, dan sien jy iemand met wie dit slegter sal gaan as met ’n dwaas.

Lui mense en mense wat twis

13’n Lui mens sê: “Daar is ’n leeu daar buite. Hy sal my vang as ek uitgaan.”

14’n Deur draai altyd op sy skarnier, ’n lui mens hou aan om op sy bed om te draai.

15’n Lui mens steek sy hand in die kosbak, maar hy is te moeg om sy hand terug te bring na sy mond.

16’n Lui mens dink hy het meer wysheid as sewe mense wat verstandig kan antwoord.

17Iemand wat kwaad word en saam twis wanneer ander mense stry, is soos iemand wat ’n kwaai hond se ore gryp.

18-19Iemand wat ander mense bedrieg en dan sê: “Ek het gespeel en ’n grap gemaak,” is soos ’n mal mens wat brandpyle skiet wat mense kan laat sterf.

© Bible Society of South Africa.

20As daar nie hout is nie, dan kan ’n vuur nie brand nie, as niemand skinder nie, dan sal mense nie twis nie.

21Daar moet hout wees as jy wil vuurmaak, daar moet houtskool wees as jy warm kole wil hê, en daar moet iemand wees wat wil baklei as jy wil hê mense moet twis.

22Skinderstories is soos lekkers, mense glo graag skinderstories.

23Wanneer jy mooi dinge sê maar slegte dinge dink, dan is dit soos wanneer jy ’n stuk van ’n kleipot met silwer oortrek.

24’n Mens wat vir jou haat, sê miskien mooi dinge, maar hy hou aan om te dink hoe hy jou kan bedrieg.

25Hy praat miskien vriendelik, maar jy moenie vir hom glo nie, want hy dink aan baie dinge wat jy sal haat.

26Hy sê nie dat hy jou haat nie, maar hy bedrieg jou. Almal sal weet dat hy slegte dinge wil doen.

27Iemand wat vir ander mense ’n gat grawe, sal self in die gat val. Die klippe wat hy gooi, sal na hom toe terugkom.

28Iemand wat lieg, haat die mense wat hy seergemaak het, hy sê mooi dinge, maar hy wil mense laat sterf.

Spreuke **27**

As jy ’n vriend het, dan moet jy hom nie los nie

1Jy moenie spog oor wat jy môre sal doen nie, want jy weet nie wat môre sal gebeur nie.

2Jy moenie jouself prys nie, iemand anders kan dit doen, iemand van ’n ander plek kan jou prys, jy moenie dit self doen nie.

3Klip en sand is swaar om te dra, maar wanneer ’n dwaas jou kwaad maak, dan is dit nog swaarder.

4Wanneer iemand kwaad is, dan is hy wreed, dit is soos baie water wat oor jou spoel. Wanneer hy regtig kwaad is, dan kan jy nie teen hom bly staan nie.

5Dit is beter om eerlik vir iemand te sê wat hy verkeerd doen, beter as om vir hom lief te wees maar dit nie te wys nie.

6Wanneer ’n vriend jou seermaak, dan doen hy dit omdat hy jou vriend wil bly. Wanneer iemand jou die hele dag wil aanhou soen, dan haat hy jou.

7Wanneer iemand genoeg geëet het, dan is heuning nie meer lekker nie, wanneer iemand honger is, dan proe ’n bitter ding ook soet.

© Bible Society of South Africa.

8Iemand wat sy huis los en weggaan, is soos ’n voël wat wegvlieg van sy nes.

9Olyf-olie en wierook laat jou lekker voel, maar ’n goeie vriend weet beter as jyself wat goed sal wees vir jou.

10As jy ’n vriend het, dan moet jy hom nie los nie, ook nie iemand wat jou pa se vriend was nie. Wanneer dit sleg gaan met jou, dan kan jou buurman wat naby is, vir jou beter help as jou broer wat ver is.

11My seun, jy moet ’n wyse mens word. Dit sal my bly maak, en dan sal ek kan antwoord wanneer iemand wys dat hy dink ek is nie belangrik nie.

12’n Verstandige mens sien wanneer daar probleme kom, en hy vlug, mense wat baie min weet, vlug nie, en hulle kry swaar.

13Wanneer iemand borg gestaan het vir ’n mens wat hy nie ken nie, wanneer hy belowe het om te betaal wat iemand uit ’n ander land skuld, dan moet jy sy klere vat as jý iets van hom wil terugkry.

14Wanneer ’n persoon vroeg in die oggend hard skree om iemand te groet, dan sal mense miskien dink hy is besig om die man te vervloek.

15’n Dak wat aanhou lek wanneer dit reën, is soos ’n vrou wat aanhou kla.

16Jy kan haar nie keer nie, soos jy ook nie die wind kan keer nie, en soos jy ook nie olyf-olie met jou hand kan vashou nie.

17Een stuk yster kan ’n ander stuk yster skerpmaak, so kan een mens ’n ander mens help om slim te word.

18Wanneer iemand goed sorg vir ’n vyeboom, dan sal hy vye hê om te eet. Wanneer ’n slaaf sy eienaar goed oppas, dan sal die eienaar die slaaf respekteer.

19Wanneer iemand in die water kyk, dan kan hy sy gesig sien. Dit is dieselfde: Die dinge wat jy dink, wys vir jou wie jy is.

20Die doderyk, die onderwêreld, word nooit vol nie, meer en meer mense sterf, en oë wil altyd meer en meer kyk.

21’n Mens smelt silwer in ’n pot en hy smelt goud in ’n oond, en jy weet iemand is belangrik wanneer ander mense hom prys.

22Jy kan ’n dwaas in ’n stampblok stamp, jy kan hom saam met sandkorrels stamp, maar jy sal nie sy dwaasheid uit hom kan stamp nie.

Jy moet weet wat jou skape en bokke nodig het

23Jy moet weet wat jou skape en bokke nodig het, jy moet weet hoe dit met die troppe diere gaan,

24want alles wat jy het, kan verdwyn, en ’n koning se nageslag kan ophou regeer.

© Bible Society of South Africa.

25Wanneer jy die gras afgesny het, en dit begin weer groen word, wanneer jy die gras op die berge bymekaargemaak het,

26dan sal jy klere kan maak van die skape se wol en jy sal bokke kan verkoop om grond te koop.

27Jy sal genoeg bokmelk hê vir jouself en vir jou huisgesin, en die meisies wat vir jou werk, sal ook genoeg hê om te kan lewe.

Spreuke 28

Mense wat die Here dien, weet altyd wat om te doen

1'n Mens wat verkeerd doen, vlug, ook wanneer niemand hom jaag nie. Maar mense wat reg lewe, is so dapper soos 'n leeu.

2Wanneer die mense in 'n land opstandig word, dan is daar baie mense wat leiers wil wees. Maar wanneer daar 'n verstandige mens is wat weet wat die regte ding is om te doen, dan sal hy lank regeer.

3'n Arm mens wat ander arm mense verdruk, is soos reën wat al die grond wegspoel, sodat daar niks is om te eet nie.

4Mense wat nie doen wat die Here wil hê nie, prys die mense wat verkeerd doen, mense wat doen wat die Here wil hê, hou nie van die mense wat verkeerd doen nie.

5Slegte mense weet nie hoe om reg te doen nie, maar mense wat die Here dien, weet altyd wat om te doen.

6Dit is beter om arm en eerlik te wees as om oneerlik te wees en dan ryk te word.

7'n Verstandige seun doen wat die Here wil hê, maar 'n pa voel sleg wanneer sy seun vriende is met mense wat altyd wil spot.

8Iemand wat ryk word omdat hy mense te veel rente laat betaal, maak baie goed bymekaar, maar eendag sal iemand anders wat jammer is vir arm mense, daardie goed kry.

9Wanneer iemand nie wil hoor wat die Here in sy wette sê nie, dan sal die Here dit haat wanneer daardie mens bid.

10Wanneer iemand eerlike mense verlei sodat hulle verkeerd lewe, dan sal dit sleg gaan met hom, maar dit sal goed gaan met mense wat heeltemal reg lewe.

11'n Ryk mens sal miskien dink dat hy baie wysheid het, maar 'n arm mens wat verstandig is, weet watter soort mens die ryk mens is.

12Wanneer mense wat reg lewe, bly is, dan is almal trots daarop, maar wanneer mense wat verkeerd doen, begin regeer, dan kruip die ander mense weg.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Wanneer iemand sy sondes wegsteek, dan sal dit nie goed gaan met hom nie, maar wanneer hy sy sondes bely en ophou om sonde te doen, dan sal die Here weer goed wees vir hom.

14Dit gaan goed met iemand wat altyd bang is vir die Here, maar dit sal sleg gaan met iemand wat hardkoppig en ongehoorsaam is.

15Wanneer iemand wat altyd verkeerd doen, regeer oor mense wat hulleself nie kan beskerm nie, dan is hy soos ’n leeu wat brul of soos ’n beer wat mense wil doodmaak.

16’n Onverstandige koning verdruk sy mense, maar ’n koning wat dit haat om oneerlik te wees, sal lank regeer.

17Wanneer ’n persoon iemand vermoor het, dan sal hy moet aanhou vlug totdat hy ook sterf, en niemand moet hom help nie.

18Wanneer iemand eerlik lewe, dan sal hy veilig wees, maar wanneer hy oneerlik is, dan sal hy skielik val.

19Wanneer iemand in sy grond werk, dan sal hy genoeg hê om te eet. Wanneer hy dinge doen wat niks beteken nie, dan sal hy arm bly.

20Dit gaan baie goed met iemand wat altyd doen wat hy belowe, maar die Here sal die persoon straf wat gou ryk wil word.

21Dit is verkeerd om téén een persoon en vír ’n ander persoon te wees wanneer jy moet oordeel. ’n Mens moenie sonde doen nie, ook nie wanneer iemand vir jou met ’n stukkie kos wil betaal nie.

22’n Suinige mens wil altyd meer hê, hy weet nie dat hy arm sal word nie.

23Wanneer iemand vir jou waarsku en sê hoe jy moet lewe, dan sal jy later vriendelik wees met hom, maar jy sal nie vriendelik wees met iemand wat net dinge sê om jou gelukkig te laat voel nie.

24Iemand wat sy ouers se goed steel en dan sê hy doen niks verkeerd nie, is ’n skelm en ’n dief.

25Iemand wat altyd meer wil hê, laat mense twis met mekaar. Die persoon wat in die Here glo, word ryk.

26Iemand wat dink net hy is reg, is ’n dwaas, iemand wat wysheid het, sal vry wegkom.

27Iemand wat van sy goed vir arm mense gee, sal nooit te min hê nie, maar wanneer iemand wegkyk en nie arm mense wil help nie, dan sal baie mense hom vervloek.

© Bible Society of South Africa.

28Wanneer mense wat verkeerd doen, begin regeer, dan kruip die ander mense weg.
Wanneer die mense wat verkeerd doen, sterf, dan word die mense wat reg lewe,
baie.

Spreuke **29**

Wanneer mense doen wat die Here wil hê, dan sal dit goed gaan met hulle

1As jy aanhou om vir iemand te sê hoe hy moet lewe, maar hy bly hardkoppig, dan
sal dit gou sleg gaan met hom, en niemand sal hom kan help nie.

2'n Volk is bly wanneer die mense wat regeer, mense is wat reg doen, maar 'n volk
kla en sug wanneer die mense wat regeer, mense is wat verkeerd doen.

3'n Pa is bly wanneer sy seun lief is vir wysheid, maar 'n seun wat altyd na prostitute
toe gaan, verloor alles wat hy het.

4'n Koning wat reg doen, laat dit goed gaan met sy land, maar 'n koning wat meer en
meer belasting wil hê, verwoes sy land.

5'n Persoon wat dinge sê net om iemand anders gelukkig te laat voel, wil hom in
'n vangnet vang.

6Die slegte mens wat verkeerd doen, wil iemand in 'n vangstrik laat trap, maar die
mens wat reg lewe, sing vrolik.

7Iemand wat reg lewe, weet hoe om reg te doen aan arm mense, maar iemand wat
verkeerd doen, wil dit nie weet nie.

8Persone wat altyd wil spot, maak die mense in 'n stad kwaad, wyse mense laat daar
weer vrede kom.

9Wanneer 'n wyse mens 'n dwaas beskuldig, dan hou die dwaas aan om te raas en
om die wyse mens te beledig.

10Moordenaars haat iemand wat heeltemal reg lewe, maar eerlike mense probeer
om so 'n persoon se lewe te red.

11Wanneer 'n dwaas kwaad is, dan sê hy alles wat hy dink, 'n wyse mens bly kalm.

12Wanneer 'n koning luister na leuens, dan sal almal wat vir hom werk, mense wees
wat verkeerd doen.

13'n Arm mens en die persoon wat hom verdruk, is saam in die wêreld, die Here laat
hulle altwee lewe.

14'n Koning wat regverdig is wanneer hy arm mense oordeel, sal lank koning bly.

15Wanneer jy jou kind straf en vir hom sê hoe hy moet lewe, dan kry hy wysheid,
maar wanneer jy hom los, dan sal sy ma skaam wees oor hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Wanneer mense wat verkeerd doen, baie word, dan word die sonde baie, maar die
mense wat reg lewe, sal sien hoe sleg dit gaan met daardie mense.

17As jy vir jou seun reg geleer het, dan sal jy tevrede wees met hom, hy sal jou
gelukkig laat voel.

18Wanneer die Here nie vir die profete wys wat die mense moet doen nie, dan doen
die mense alles wat hulle wil. Wanneer die mense doen wat die Here wil hê, dan sal
dit goed gaan met hulle.

19Dit help nie om net te praat met ’n slaaf nie, hy verstaan wat jy sê, maar hy doen
nie wat jy wil hê nie.

20Wanneer jy iemand sien wat praat voordat hy goed gedink het, dan moet jy dit
weet: Dit sal beter gaan met ’n dwaas as met daardie persoon.

21As jy ’n slaaf bederf het vandat hy klein was, dan is hy opstandig wanneer hy groot
is.

22’n Persoon wat gou kwaad word, laat mense twis, hy laat mense baie sonde doen.

23Mense sal iemand verneder wat hoogmoedig is, maar hulle sal ’n nederige mens
respekteer.

24Iemand wat nie lief is vir sy eie lewe nie, neem ook van die goed wat diewe gesteel
het. Hy hoor dat ’n persoon die diewe vervloek wat sy goed gesteel het, maar hy sê
niks.

25Wanneer jy bang is vir mense, dan kan jy in ’n vangstrik trap, maar wanneer jy in
die Here glo, dan sal Hy jou beskerm.

26Baie mense doen dinge sodat die koning van hulle moet hou, maar dit is die Here
wat reg doen aan ’n mens.

27Mense wat reg lewe, haat iemand wat verkeerde dinge doen, maar iemand wat
verkeerd doen, haat ’n persoon wat eerlik lewe.

Spreuke 30

Alles wat God gesê het, is waar

1Hier is die dinge wat Agur seun van Jake gesê het. Hy het van die land Massa gekom
en hy was ’n man wat gepraat het met Itiël, met Itiël en met Ukal.

2Regtig, ek was dommer as ander mense, ek het nie geweet wat ander mense weet
nie.

3Ek het nie wysheid geleer nie, ek ken nie die heilige God nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Wie het opgegaan na die hemel en het weer afgekom? Wie het die wind met sy hande vasgehou? Wie het die water toegebind in ’n bo-kleed? Wie het besluit hoe groot die aarde moet wees? Wat is sy naam en wat is sy seun se naam? Weet jy wie dit is?

5Alles wat God gesê het, is waar. Hy beskerm die mense wat in Hom glo.

6Jy moenie meer wil sê as wat Hy gesê het nie, Hy sal vir jou sê jy is verkeerd, en mense sal weet jy vertel leuens.

7Here, ek vra vir U twee dinge. U moet dit vir my doen my hele lewe lank.

8U moet keer dat ek nie vals is en lieg nie, U moet my nie arm of ryk maak nie, U moet vir my net die kos gee wat ek nodig het.

9Want as ek te veel het, dan sal ek miskien sê dat ek U nie ken nie, ek sal vra: “Wie is die Here?” En as ek arm is, dan sal ek miskien steel en nie die Naam van my God respekteer nie.

10Jy moenie slegte dinge oor ’n slaaf vir sy eienaar sê nie, die slaaf sal jou miskien vervloek, en dit sal sleg gaan met jou.

11Daar is mense wat hulle ouers vervloek en wat nie wil hê dat dit goed moet gaan met hulle nie.

12Daar is mense wat dink hulle is skoon, maar hulle is vuil, hulle het nie gewas nie.

13Daar is mense wat baie hoogmoedig is, mense wat dink hulle is beter as ander mense.

14Daar is mense wat maklik ander mense doodmaak, hulle vat alles wat die mense het wat hulleself nie kan beskerm nie, hulle laat die mense sterf wat niks het nie.

Dinge wat altyd meer wil hê

15Die bloedsuier wil altyd aanhou om bloed uit te suig. Daar is drie dinge wat altyd meer wil hê, daar is vier dinge wat nooit sê: “Dit is nou genoeg” nie.

16Dit is die doderyk, ’n vrou wat nie ’n kind kan kry nie, die grond wat altyd meer water wil hê, en ’n vuur wat nooit sê: “Dit is nou genoeg” nie.

17Wanneer iemand sy ouers spot en nie wil doen wat hulle sê nie, dan sal die kraaie sy oë uitpik, en die aasvoëls sal sy oë opvreet.

Dinge wat wonderlik is

18Daar is drie dinge wat vir my wonderlik is, daar is vier dinge wat ek nie verstaan nie:

19Dit is hoe ’n arend in die lug bly, hoe ’n slang oor ’n rots seil, hoe ’n skip op die see seil, en hoe ’n man ’n vrou probeer kry.

© Bible Society of South Africa.

20 ’n Vrou wat egbreuk pleeg, is soos iemand wat eet en haar mond afvee en sê: “Ek
het niks verkeerd gedoen nie.”

Dinge waarvan mense niks hou nie

21 Daar is drie dinge wat almal kwaad en ontsteld laat word, daar is vier dinge
waarvan mense niks hou nie:

22 Dit is wanneer ’n slaaf koning word, wanneer ’n dwaas te veel geëet het,

23 wanneer ’n vrou wat nooit ’n man kon kry nie, later trou, en wanneer ’n slavin
trou met die man van haar eienares.

Dinge wat meer wysheid het as almal

24 Daar is vier dinge op die aarde wat klein is maar wat meer wysheid het as almal:

25 Miere is nie sterk nie, maar in die somer bêre hulle kos vir die winter.

26 Dassies is nie sterk nie, maar hulle woon op die rotse.

27 Sprinkane het nie ’n koning nie, maar hulle vlieg saam in swerms.

28 ’n Geitjie is klein, jy kan hom met jou hand vang, maar hy is ook in konings se
paleise.

Dinge wat netjies loop

29 Daar is drie dinge wat netjies en mooi loop, nee, daar is vier dinge wat netjies en
mooi stap:

30 Dit is ’n leeu wat sterker is as ander diere en wat vir niemand vlug nie,

31 ’n hoenderhaan, ’n bok-ram, en ’n koning wat sy manne lei.

Wanneer jy mense kwaad maak, dan twis hulle

32 As jy dwaas was en gedink het jy is belangrik, as jy slim planne probeer maak het,
dan moet jy stilbly,

33 want wanneer jy melk lank skud, dan word dit botter, wanneer jy iemand op sy
neus slaan, dan bloei sy neus, en wanneer jy mense kwaad maak, dan twis hulle.

Spreuke **31**

’n Koning moet reg doen aan mense wat hulleself nie kan beskerm nie

1 Hier is die dinge wat koning Lemuel van die land Massa se ma vir hom geleer het.

2 My kind, my eie kind, ek het ’n gelofte oor jou gemaak.

3 Jy moenie al jou krag, jou lewe, gee vir vroue nie, vroue verwoes konings.

4 Lemuel, konings moenie wyn drink nie, mense wat regeer, moenie dronk word nie.

5 Want wanneer hulle drink, dan kan hulle miskien die wette vergeet, en dan doen
hulle nie reg aan al die mense wat hulleself nie kan beskerm nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6Jy moet drank gee vir die mense wat besig is om te sterf, jy moet wyn gee vir die mense wat swaarkry.

7Wanneer hulle drink, dan sal hulle miskien vergeet dat hulle arm is en dan sal hulle nie meer daaraan dink dat hulle swaarkry nie.

8Wanneer mense nie self kan praat nie, dan moet jy sê wat hulle wil sê, jy moet praat en reg doen aan almal met wie dit sleg gaan.

9Jy moet praat, jy moet reg oordeel, jy moet reg doen aan die mense wat hulleself nie kan beskerm nie, die mense wat niks het nie.

'n Goeie vrou

10Wanneer iemand 'n goeie vrou kry, dan het hy 'n vrou wat meer kosbaar is as koraal.

11Haar man weet dat sy sal doen wat sy belowe het, hy weet dat sy goed altyd meer sal word.

12Sy laat dit goed gaan met hom, nie sleg nie, haar hele lewe lank.

13Sy maak wol en vlas bymekaar en sy geniet dit om met haar hande te werk.

14Sy is soos die skepe van 'n handelaar, sy bring van ver plekke die kos wat sy nodig het.

15Sy staan op wanneer dit nog donker is, sy sê vir haar huisgesin wat hulle moet doen en sy gee vir haar bediendes werk.

16Sy dink goed oor 'n stuk grond en sy koop dit, sy neem van haar eie geld en sy plant daar wingerdstokke.

17Sy is sterk, sy kan aanhou werk.

18Wanneer sy sien dat mense graag haar goed koop, dan werk sy die hele nag.

19Sy steek haar hande uit en sy werk by die spinwiel en die weefstoel.

20Sy gee graag vir mense wat hulleself nie kan beskerm nie, vir mense wat niks het nie.

21Wanneer dit sneeu, dan is sy nie bekommerd oor haar huisgesin nie, want hulle dra almal warm klere.

22Sy maak vir haar komberse, sy dra klere van linne en pers wol.

23Almal ken haar man, hy sit saam met die leiers van die land by die poort.

24Sy maak klere en sy verkoop dit, sy gee vir die handelaars nekdoeke om te verkoop.

25Sy is 'n sterk en 'n netjiese vrou, sy is nie bekommerd oor wat later sal gebeur nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[26]Wanneer sy praat, dan praat sy met wysheid, sy leer vir haar mense om vriendelik te wees.

[27]Sy kyk dat alles reg gaan in haar huis, sy is nie lui nie.

[28]Haar kinders staan regop en hulle prys haar, haar man sê dat sy ’n goeie vrou is. Hy sê:

[29]“Baie vroue doen goed, maar jy doen beter as hulle almal.”

[30]’n Vrou bly nie altyd jonk en mooi nie, ’n vrou wat die Here dien en Hom respekteer, dit is vir háár wat ons wil prys.

[31]Sy moet self ook kry van alles waarvoor sy werk, almal by die poorte moet haar prys.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Prediker

Prediker 1

1 Hier is die dinge wat die

Prediker gesê het. Hy was ’n seun van Dawid en hy was koning in Jerusalem.

Die dinge wat daar was, sal weer daar wees

2 Die Prediker het gesê: Daar is niks wat is soos dit moet wees nie, niks is soos dit
moet wees nie.

3 ’n Mens werk hard, maar wat kry hy vir alles wat hy doen? Wat kry hy vir alles wat
hy in hierdie wêreld doen?

4 Mense lewe en mense sterf, maar die aarde is altyd daar.

5 Die son kom op en die son gaan onder, en hy is haastig om weer te kom by die plek
waar hy opgekom het.

6 Die wind waai na die suide en dit draai na die noorde, dit draai en draai, die wind
waai en dit hou nie op om te draai nie.

7 Al die riviere vloei in die see in, maar die see word nie vol nie. Die riviere vloei altyd
na dieselfde plek.

8 Al die woorde wat daar is, is te min, ’n mens kan nie alles sê nie. Die oog kyk en hy
hou nooit op om te kyk nie, die oor hoor en hy hou nooit op om te luister nie.

9 Die dinge wat daar was, sal weer daar wees. Mense sal weer die dinge doen wat
hulle altyd gedoen het. Daar is niks wat nuut is in hierdie wêreld nie.

10 Wanneer iemand sê: “Kyk, hier is iets wat nuut is,” dan sê ek: Nee, dit was klaar
daar voordat óns daar was.

11 Niemand onthou wat lank gelede gebeur het nie, en die mense wat later sal lewe,
sal ook nie onthou wat later gebeur het nie.

As jy baie weet, dan kan dit jou ook baie hartseer maak

12 Ek, die

Prediker, was koning van Israel in Jerusalem.

13 Ek het hard probeer om met wysheid te kyk na alles wat die mense in hierdie
wêreld doen, ek het probeer om dit te ondersoek. Dit is ’n swaar werk wat God vir
die mense gegee het om te doen.

14 Ek het gekyk na alles wat die mense in hierdie wêreld doen, en ek het gesien dat
niks is soos dit moet wees nie, die mense jaag wind.

15 ’n Mens kan nie iets wat krom is, reguit maak nie, en jy kan nie iets tel wat nie daar
is nie.

© Bible Society of South Africa.

16Ek het gedink dat ek baie wysheid gekry het, meer wysheid as almal wat voor my
oor Jerusalem regeer het. Ek het baie wysheid gekry en ek weet baie.

17Ek het hard probeer om te verstaan wat wysheid is en wat dit is om dinge te ken.
Ek het ook probeer verstaan wat dit is om nie wysheid te hê nie en ’n dwaas te wees.
Ek weet nou dat almal wind jaag.

18Want wanneer jy baie wysheid het, dan is jy bekommerd oor baie dinge. As jy baie
weet, dan kan dit jou ook baie hartseer maak.

Prediker **2**

Jy kan nie wen in hierdie wêreld nie

1Ek het toe gedink: Ek sal myself toets. Ek sal vrolik wees en die lewe geniet. Ek het
dit gedoen, maar toe was dit ook nie soos dit moet wees nie.

2Ek het gedink dit is dom om altyd te lag. Wat help dit om vrolik te wees? Niks.

3Toe het ek gedink dat ek moet kyk wat gebeur wanneer ek baie wyn drink en
probeer om ’n dwaas te wees. Ek wou probeer om ’n dwaas te wees, maar ek wou
nie my wysheid verloor nie. Ek wou uitvind wat goed is vir mense en wat hulle moet
doen terwyl hulle lewe in hierdie wêreld.

4Ek het groot dinge gedoen. Ek het vir my huise gebou en wingerde geplant,

5ek het tuine en parke gemaak en ek het al die soorte vrugtebome daarin geplant,

6ek het damme gemaak om water te gee vir die baie jong bome,

7ek het slawe en slavinne gekoop, en my slawe het kinders gekry, ek het meer skape
en bokke gehad as almal wat voor my in Jerusalem regeer het.

8Ek het silwer en goud bymekaargemaak en ook die goed wat ander konings en
die distrikshoofde vir my gegee het. Ek het mans en vroue gekry wat vir my sing, ek
het alles gekry wat ’n mens kan geniet, ook byvroue.

9Ek het belangriker geword as almal wat voor my oor Jerusalem regeer het, en ek het
ook nie my wysheid verloor nie.

10Ek het alles gekry wat ek wou hê, ek het alles geniet wat ek wou geniet, want alles
wat ek gedoen het, was vir my lekker. Ek kon alles geniet wat ek gedoen het, dít was
die beloning wat ek gekry het vir al my werk.

11Maar toe dink ek oor alles wat ek gedoen het, ek het gedink oor al my harde werk,
en wat het ek toe uitgevind? Ek het uitgevind dat niks is wat dit moet wees nie, ek
het wind gejaag. Jy kan nie wen in hierdie wêreld nie.

‘n Wyse mens sterf ook soos ’n dwaas

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Ek het gedink ek wil uitvind hoe dit is om wysheid te hê en hoe dit is om ’n dwaas
te wees. Ek wou weet of die persoon wat ná my koning sal word, iets sal kan doen
wat ek nie gedoen het nie.

13Ek het uitgevind dat dit beter is om wysheid te hê as om ’n dwaas te wees, dit is
dieselfde soos lig wat beter is as donker.

14As iemand wysheid het, dan sien hy wat rondom hom gebeur. ’n Dwaas is soos
iemand wat in die donker lewe. Maar ek het hierdie les geleer: Die dinge wat met
een mens gebeur, gebeur met almal.

15Ek het vir myself gesê: Die dinge wat met ’n dwaas gebeur, sal ook met my gebeur.
Het al my wysheid vir my gehelp? Nee. En ek het gedink dit is ook nie soos dit moet
wees nie,

16want die mense sal nie ’n dwaas lank onthou nie, maar hulle sal ook nie ’n wyse
mens lank onthou nie. Hulle vergeet hom gou in die tyd wat later kom. Dwase
mense sterf, en wyse mense sterf ook.

17Daarom het ek begin om die lewe te haat. Die dinge wat mense in hierdie wêreld
doen, het vir my verkeerd gelyk, want niks is soos dit moet wees nie. Mense jaag
wind.

Niemand kan eet en geniet as God dit nie laat gebeur nie

18Ek het ook begin om al my harde werk in hierdie wêreld te haat, want iemand wat
ná my lewe, sal alles kry waarvoor ek hard gewerk het.

19En niemand weet of daardie persoon ’n wyse mens of ’n dwaas sal wees nie. Maar
hy sal kan doen wat hy wil met alles waarvoor ek met wysheid hard gewerk het in
hierdie wêreld. Ook dít is nie soos dit moet wees nie.

20Ek het moedeloos geword toe ek dink aan al die harde werk wat ek in hierdie
wêreld gedoen het.

21Want iemand werk hard en hy gebruik sy wysheid, hy weet wat hy doen en hy
doen dit goed, maar dan moet hy sy goed los vir ’n persoon wat nie hard gewerk het
nie. Ook dít is nie soos dit moet wees nie, dit is baie verkeerd.

22Wat kry ’n mens vir al sy harde werk in hierdie wêreld? Wat kry hy vir alles wat hy
wou doen?

23So ’n mens het elke dag pyn, hy geniet niks wat hy doen nie, hy rus ook nie in die
nag nie. Ook dít is nie soos dit moet wees nie.

24Die beste wat ’n mens kan doen, is dat hy kan eet en drink en dinge kan geniet
waarvoor hy hard gewerk het. Ek het gesien dat dit iets is wat God vir ’n mens gee.

25Niemand kan eet en geniet as God dit nie laat gebeur nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26God gee wysheid vir die mense van wie Hy hou. Hy leer vir hulle wat om te doen en
Hy laat hulle die lewe geniet. Maar God gee vir die sondaars die werk om goed
bymekaar te maak, en dan gee God daardie goed vir die mense van wie Hy hou. Ook
dít is nie soos dit moet wees nie. Mense jaag wind.

Prediker 3

Daar is ’n regte tyd vir alles

1Daar is ’n regte tyd vir alles, elke ding in hierdie wêreld gebeur op die regte tyd.

2Daar is ’n tyd om gebore te word en ’n tyd om te sterf, ’n tyd om te plant en ’n tyd
om plante uit te trek.

3Daar is ’n tyd om dood te maak en ’n tyd om gesond te maak, ’n tyd om af te breek
en ’n tyd om te bou.

4Daar is ’n tyd om te huil en ’n tyd om te lag, ’n tyd om te rou en ’n tyd om te dans.

5Daar is ’n tyd om klippe weg te gooi en ’n tyd om klippe bymekaar te maak, ’n tyd
om iemand te druk en te omhels en ’n tyd om iemand nie te omhels nie.

6Daar is ’n tyd om te soek en ’n tyd om iets te laat wegraak, ’n tyd om iets op te pas
en ’n tyd om dit weg te gooi.

7Daar is ’n tyd om te skeur en ’n tyd om vas te werk, ’n tyd om stil te bly en ’n tyd om
te praat.

8Daar is ’n tyd om lief te wees en ’n tyd om te haat, ’n tyd om oorlog te maak en ’n
tyd om vrede te maak.

9Wat help dit vir ’n mens dat hy hard gewerk het? Niks.

10Ek het gesien dat God vir die mense werk gegee het om te doen.

11God het alles mooi gemaak toe Hy dit gemaak het. Hy het vir die mense geleer dat
daar altyd tyd sal wees, maar die mense kan nie verstaan wat God alles gedoen het
nie, van die begin tot die einde.

12Ek weet nou dat dit die beste vir ’n mens is om vrolik te wees en die lewe te geniet
terwyl hy lewe.

13Mense kan eet en drink en die lewe geniet nadat hulle hard gewerk het, ek weet
dat dít ’n present is wat God vir mense gee.

14Ek weet nou dat alles wat God gemaak het, altyd daar sal wees. ’n Mens kan niks
meer daarby sit nie en jy kan niks daarvan wegneem nie. God het dit so gedoen
sodat almal Hom moet respekteer.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Die dinge wat nou daar is, was voorheen ook daar, en die dinge wat later sal gebeur, is nou ook daar. God laat die dinge wat verby is, weer gebeur.

16Ek het ook in hierdie wêreld gesien dat mense verkeerd doen wanneer hulle reg moet doen en regverdig moet wees.

17Ek het gedink God sal die persoon oordeel wat reg lewe en Hy sal ook die persoon oordeel wat verkeerd doen. Hy sal altwee oordeel, want Hy het besluit dat daar vir elke ding ’n regte tyd is om te gebeur en ’n regte tyd om dit te doen.

Die mense is dieselfde soos diere, hulle is nie anders nie

18Ek het gedink dat God die mense wil toets en vir hulle wil wys dat hulle soos diere is.

19Want dieselfde dinge gebeur met mense en met diere, mense sterf soos diere sterf. Almal moet asemhaal. Die mense is nie anders as die diere nie, want niks is soos dit moet wees nie.

20Almal sterf en gaan na dieselfde plek, alles is stof en alles word weer stof.

21Wie weet of mense se asem boontoe gaan en of diere se asem afgaan in die aarde? Niemand.

22Ek het gesien dit is die beste vir ’n mens dat hy sy werk moet geniet, dit is sy beloning. Wie kan vir ’n mens wys wat ná hom sal gebeur?

Prediker **4**

Vir wie het ek so hard gewerk?

1Ek het ook gesien dat daar in hierdie wêreld baie mense is wat ander mense laat swaarkry. Ek het gehoor hoe huil die mense wat verdruk word. Daar was niemand wat vir hulle gehelp het nie. Die mense wat hulle verdruk het, was sterk, en daar was niemand wat vir die mense gehelp het wat verdruk word nie.

2Ek het toe gedink die mense wat klaar dood is, is gelukkiger as die mense wat nog lewe.

3Maar wie is gelukkiger as hulle almal? Dit is die mense wat nog nie gebore is nie. Hulle is gelukkiger, want hulle het nie al die slegte dinge gesien wat mense in hierdie wêreld doen nie.

4Ek het gesien mense werk hard en hulle wil slaag. Hoekom? Omdat hulle jaloers is op mekaar. Ook dít is nie soos dit moet wees nie, hulle jaag wind.

5 Dwase gebruik nie hulle hande nie en hulle werk nie. Hulle sterf van honger.

6Dit is beter om partymaal te rus en ’n bietjie kos te hê as om altyd hard te werk en baie kos te kry. Dit is soos om wind te jaag.

© Bible Society of South Africa.

7 Ek het nog iets in hierdie wêreld gesien wat nie is soos dit moet wees nie.

8 Iemand is miskien alleen en hy het ook nie kinders of broers nie, maar hy hou aan
om hard te werk en hy is nooit tevrede met alles wat hy het nie. Hy sal later dink: Vir
wie het ek so hard gewerk? Hoekom het ek self so min van alles gebruik? Ook dít is
nie soos dit moet wees nie, dit is ’n baie slegte ding.

Dit is beter wanneer twee mense saam is

9 Dit is beter wanneer twee mense saam is, dit is beter as om alleen te wees.
Wanneer twee mense saam hard werk, dan kan hulle ’n groter beloning kry,

10 want as een van hulle val, dan kan die ander een hom optel. Maar dit sal sleg gaan
met iemand wanneer hy val en daar is niemand om hom op te tel nie.

11 En ook, wanneer twee mense bymekaar lê, dan bly hulle warm, maar as iemand
alleen lê, dan sal hy nie warm word nie.

12 Iemand kan een persoon aanval en hom oorwin, maar hy kan nie twee persone
oorwin nie. Dit is soos wanneer ’n mens drie toue neem en een dik tou daarvan
maak, daardie tou sal nie maklik breek nie.

‘n Jongman en ’n ou koning

13 ’n Jongman wat arm is maar wat wysheid het, is beter as ’n koning wat oud is en
wat ’n dwaas is en nie wil luister na sy raadgewers nie.

14 Ja, die jongman is miskien gebore toe die ou koning al regeer het, en sy ouers was
miskien arm. Die jongman was miskien ’n gevangene, maar hy kan daar uitkom en
miskien koning word.

15 Ek het gesien dat al die mense in hierdie wêreld kies om saam te gaan met die
jongman wat koning geword het in die ou koning se plek.

16 Daar is altyd mense wat graag ’n nuwe koning wil dien, maar later hou hulle nie
meer van hom nie. Ja, ook dít is nie soos dit moet wees nie, almal jaag wind.

Jy moenie dinge sê wat vir jou sonde laat doen nie

17 Jy moet versigtig wees wanneer jy na die tempel gaan. Dit is beter om naby die
tempel te wees en net te luister, beter as om te offer soos ’n dwaas offer, want
dwase doen net verkeerd.

Prediker 5

1 Jy moenie te gou praat nie, jy moenie te gou iets aan God belowe nie, want God is
in die hemel en jy is op die aarde. Daarom moet jy versigtig wees wat jy sê.

2 Wanneer jy besig is met baie dinge, dan droom jy baie dinge. Wanneer jy baie praat,
dan praat jy soos ’n dwaas.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Maar wanneer jy ’n gelofte gemaak het aan God, dan moet jy dit doen, jy moenie wag nie, want Hy hou nie van dwase nie. Jy moet doen wat jy belowe het.

4Dit is beter om nie te belowe nie as om te belowe en dit nie te doen nie.

5Jy moenie dinge sê wat vir jou sonde laat doen nie, jy sal daaroor swaarkry. Jy moenie daardie dinge doen nie, want dan sal jy vir die boodskapper van God moet sê: “Ek het ’n fout gemaak, ek het verkeerde dinge gepraat.” Jy moenie dinge sê wat vir God kwaad maak nie. Hy sal alles verwoes wat jy gemaak het.

6Mense droom baie en hulle praat baie, en wat hulle sê, is nie soos dit moet wees nie. Maar jy moet vir God respekteer.

Ek het gesien daar gebeur ’n baie slegte ding in hierdie wêreld

7Jy sien miskien dat distrikshoofde die mense verdruk wat niks het nie. Jy sien dat hulle nie reg doen nie en nie regverdig is nie. Jy moenie verbaas wees daaroor nie, want die belangrike amptenaar is die hoof van die ander amptenare en hy beskerm hulle. Die belangrikste amptenaar is die hoof van die belangrike amptenare en hy beskerm hulle.

8Dit is die beste vir ’n land as ’n koning regeer oor mense wat almal in die grond werk.

9Mense wat lief is vir geld, wil altyd nog meer geld hê. Mense wat graag ryk wil wees, sny baie koring af, maar dit is nooit genoeg vir hulle nie. Ook dít is nie reg nie.

10Wanneer jou goed baie word, dan word die mense wat kom eet, ook baie, en die persoon wat die baie goed het, kan net kyk hoe hulle eet, hy kan niks anders doen nie.

11Die man wat hard moet werk, slaap goed wanneer hy min eet en ook wanneer hy baie eet, maar die ryk mens eet te veel en hy kan nie slaap nie.

12Ek het gesien daar gebeur ’n baie slegte ding in hierdie wêreld: Iemand maak baie goed bymekaar, maar daardie goed laat dit sleg gaan met hom.

13Een slegte ding gebeur, en dan is sy goed weg. Hy het miskien ’n kind, maar sy kind kry niks.

14Wanneer die persoon sterf, dan het hy niks. Hy is kaal gebore en hy sterf kaal. Hy neem niks saam met hom wat wys dat hy hard gewerk het nie.

15Ook dít is ’n baie slegte ding: ’n Mens gaan uit die wêreld soos hy ingekom het. Hy hou niks oor van alles waarvoor hy hard gewerk het nie, dit was soos wind.

16Die slegste is dat só iemand sy hele lewe lank in die donker bly. Dit beteken: Hy kry swaar, hy is baie siek en hy is kwaad vir alles.

‘n Present van God

© Bible Society of South Africa.

17Maar ek het ook iets gesien wat goed is: Dit is lekker om te eet en te drink en goeie
dinge te geniet wanneer ’n mens sy hele lewe lank hard werk in hierdie wêreld. Dit is
iets wat God vir hom gee.

18Wanneer God ’n mens ryk laat word en dit goed laat gaan met hom, en die mens
kan eet en daarvan gebruik en hy kan die dinge geniet waarvoor hy hard gewerk het,
dan is dit ’n present van God.

19So ’n persoon sal nie baie terugdink aan wat in sy lewe gebeur het nie, want hy is
besig met die baie goeie dinge wat God vir hom gee.

Prediker **6**

Wie weet wat goed is vir ’n mens terwyl hy lewe?

1Daar is ’n verkeerde ding wat ek in hierdie wêreld gesien het, en dit is vir ’n mens
moeilik om dit te verstaan:

2God laat ’n mens ryk word en Hy laat dit goed gaan met hom, en ander mense
respekteer hom. Hy het alles wat hy graag wil hê, maar God laat hom dit nie geniet
nie, iemand uit ’n ander land kom en daardie persoon geniet dit. Dit is nie soos dit
moet wees nie, dit is ’n baie slegte ding.

3’n Mens het miskien 100 kinders en hy kan lank lewe, hy kan baie oud word, maar as
hy nie genoeg kan geniet van die goeie dinge nie en as niemand hom begrawe nie,
dan sê ek: ’n Kind wat doodgebore is, is gelukkiger as so ’n mens.

4Want ’n kind wat doodgebore is, is nie soos hy moet wees wanneer hy in die wêreld
kom nie. Dit bly donker vir hom en hy gaan weer weg in die donker, niemand ken sy
naam nie.

5Hy het nie die son gesien nie, en hy kry rus. Maar die mens wat lank gelewe het, het
nie rus gekry nie.

6So ’n mens het miskien 2 000 jaar gelewe, maar as hy nie die goeie dinge kon geniet
nie, dan het hy nie rus gekry nie. Almal wat sterf, gaan na dieselfde plek.

7Mense werk hard om te kan eet, maar hulle kry nooit genoeg nie.

8Party mense het miskien wysheid, maar dit gaan nie beter met hulle as met dwase
nie. En dit gaan ook nie beter met die arm mens wat weet hoe om reg te lewe tussen
ander mense nie.

9Die dinge wat ’n mens kan sien, is beter as die dinge waarna jy aanhou verlang. Ook
dít is nie soos dit moet wees nie. Mense jaag wind.

10God het lank gelede gesê wat nou moet gebeur. Almal weet wat ’n mens is, ’n
mens kan nie vir God na die hof vat nie, God is sterker as ’n mens.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Mense sê baie dinge, maar dit beteken niks. Dinge is nie soos dit moet wees nie, dit help ’n mens niks.

12Want wie weet wat goed is vir ’n mens terwyl hy lewe? Sy lewe beteken niks en dit gaan verby soos ’n skaduwee. Wie kan vir ’n mens sê wat in hierdie wêreld sal gebeur as hy self nie meer lewe nie? Niemand.

Prediker 7

As God iets krom gemaak het, dan kan niemand dit reguit maak nie

1Dit is goed om lekkerruik-olie te gebruik, maar dit is beter wanneer mense jou respekteer. Die dag toe jy gebore is, was ’n goeie dag, maar die dag wanneer jy sal sterf, sal ’n beter dag wees.

2Dit is goed om na ’n huis te gaan waar die mense feesvier, maar dit is beter om na ’n huis te gaan waar die mense rou. Want al die mense moet sterf, en die mense wat lewe, moet dit onthou.

3Dit is goed om te lag, maar dit is beter om hartseer te wees, want wanneer jou gesig wys dat jy swaarkry, dan wys dit dat jy goed dink.

4 Wyse mense wil in ’n huis wees waar die mense rou, dwase wil in ’n huis wees waar die mense feesvier.

5Dit is beter om te luister wanneer ’n wyse mens met jou raas as om te luister wanneer dwase sing,

6want wanneer ’n dwaas lag, dan raas dit soos doringtakkies in die vuur onder ’n pot. Dit is ook nie reg nie.

7Maar die persoon wat wysheid het, word ook ’n dwaas wanneer iemand hom afpers, en wanneer iemand ’n present kry sodat hy iets moet doen wat verkeerd is, dan hou hy op om verstandig te wees.

8Dit is beter om op te hou praat as om te begin praat, dit is beter om geduldig te wees as om hoogmoedig te wees.

9Jy moenie gou kwaad word oor dinge wat gebeur nie, want dit is dwase wat gou kwaad word.

10Jy moenie vra hoekom alles voorheen beter was as nou nie, want wanneer jy dit vra, dan het jy nie wysheid nie.

11Wanneer jy wysheid het, dan is dit so goed soos wanneer jy iets erf, dit help baie vir ’n mens wat lewe,

12want wysheid beskerm jou soos geld jou beskerm. Wanneer iemand weet hoe om te lewe, dan gee wysheid vir hom ’n lang lewe.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13 Jy moet goed kyk hoe God dinge gemaak het, want as Hy iets krom gemaak het,
dan kan niemand dit reguit maak nie.

14 Wanneer dit goed gaan, dan moet jy dit geniet, en wanneer dit sleg gaan, dan
moet jy onthou: God het die goeie én die slegte dinge laat gebeur, sodat ’n mens nie
sal weet wat later sal gebeur nie.

Jy moenie probeer om te baie regverdig te wees nie

15 My lewe beteken niks, maar ek het alles gesien. Ek het gesien dat ’n persoon reg
lewe en dat hy sterf terwyl hy reg lewe, en ek het gesien dat iemand verkeerd doen,
maar dat hy lank lewe terwyl hy slegte dinge doen.

16 Jy moenie probeer om te baie regverdig te wees nie en jy moenie te veel wys dat
jy wysheid het nie. Jy sal kwaad en ontsteld word oor die dinge wat met jou gebeur.

17 Jy moenie aanhou om verkeerde dinge te doen nie en jy moenie aanhou
om dwaas te wees nie, jy sal sterf voordat dit jou tyd is om te sterf.

18 Dit is goed om nie te probeer om te baie regverdig te wees nie en om nie aan te
hou om verkeerde dinge te doen nie. Ja, wanneer jy vir God respekteer en Hom dien,
dan sal jy weet wat om te doen.

19 Wysheid gee vir wyse mense meer krag as vir tien regeerders in die stad.

20 Niemand op die aarde is so regverdig dat hy net goed doen en nooit sonde doen
nie.

21 Jy moenie luister na alles wat mense sê nie, dan sal jy nie hoor wanneer jou slaaf
jou vervloek nie,

22 want jy weet dat jy self baie maal ander mense vervloek het.

Die wysheid het ver weg van my gebly

23 Ek het wysheid gebruik en ek het al die dinge getoets. Ek het gesê ek wil wysheid
hê, maar die wysheid het ver weg van my gebly.

24 Die wysheid is ver weg en baie diep, niemand kan dit kry nie.

25 Ek het hard probeer om te weet en te soek en te kyk of ek wysheid kan kry en of ek
dinge kan ken. Ek wou weet of ’n mens ’n dwaas is wanneer hy verkeerd doen en of
’n mens mal is wanneer hy dwase dinge doen.

26 Ek het iets gekry wat meer bitter is as die dood: Dit is wanneer ’n vrou jou vang
soos ’n mens ’n voël in ’n vangnet vang, en wanneer sy jou so vashou dat jy nie kan
loskom nie. As God goed is vir jou, dan kan jy vry wegkom van haar. Maar ’n sondaar
kan nie wegkom van haar nie.

27 Die

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Prediker sê: Luister wat het ek uitgevind. Ek het oor alles gedink en ek het probeer om dinge te verstaan.

28Maar ek het nie gekry wat ek gesoek het nie. Ek het by 1 000 mense een goeie man gekry, maar ek het by hulle almal nie een goeie vrou gekry nie.

29Maar ek het een ding uitgevind: Ek het uitgevind dat God die mense goed gemaak het, maar die mense het sleg geword en hulle het baie skelm planne probeer maak.

Prediker **8**

1Wie het so baie wysheid dat hy kan sê wat alles beteken? Niemand. Wanneer ’n mens wysheid het, dan is hy vriendelik, wysheid laat hom sag word.

As jy doen wat die koning sê, dan sal dit nie sleg gaan met jou nie

2Ek sê vir jou: Jy moet doen wat die koning sê, want jy het vir God belowe om gehoorsaam te wees aan die koning.

3Jy moenie haastig wees en sê ’n verkeerde ding is reg nie, dit is beter dat jy weggaan van die koning, want die koning doen altyd wat hy wil.

4Die koning is die hoof, almal moet doen wat hy sê. Niemand kan vir hom vra hoekom hy iets doen nie.

5As jy doen wat die koning sê, dan sal dit nie sleg gaan met jou nie. As jy wysheid het, dan sal jy weet wat is reg en jy sal weet wanneer jy iets mag doen.

6Ja, daar is ’n regte tyd om elke ding te doen en daar is ’n regte manier om dit te doen. Die slegte dinge wat met ’n mens gebeur, pla hom die meeste,

7want niemand weet wat later sal gebeur nie, daar is niemand wat vir ’n mens kan sê hoe dit later sal wees nie.

8Niemand kan die wind laat ophou waai nie, niemand kan besluit wanneer hy moet sterf nie en niemand kan vry wegkom uit ’n oorlog nie. As iemand verkeerd doen, dan sal dít wat hy doen, ook nie vir hom red nie.

9Ek het dit alles gesien en ek het alles probeer verstaan wat mense in hierdie wêreld doen, in hierdie tyd wanneer mense oor ander mense regeer en hulle laat swaarkry.

Dit sal goed gaan met die mense wat vir God respekteer en Hom dien

10Ek het ook gesien dat mense wat verkeerd doen, sterf en begrawe word, hulle is weg vir altyd, mense vergeet dat hulle daar was. Maar die mense van ’n stad dink ook nie meer aan iemand wat van die tempel kom en reg gedoen het nie. Ook dít is nie soos dit moet wees nie.

11Wanneer mense verkeerd gedoen het, en jy straf hulle nie dadelik nie, dan sal hulle aanhou om verkeerd te doen,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12want ’n sondaar kan 100 maal verkeerd doen en nog lank lewe. Maar dít weet ek ook: Dit sal goed gaan met die mense wat vir God respekteer en Hom dien,

13en dit sal nie goed gaan met ’n mens wat verkeerd doen en wat nie vir God respekteer en dien nie. Hy sal nie lank lewe nie. Hy sal soos ’n skaduwee gou verdwyn.

14Daar is iets wat op die aarde gebeur wat nie is soos dit moet wees nie: Daar is mense wat reg lewe, maar dan gebeur daar met hulle dinge wat moet gebeur met mense wat verkeerd doen. En daar is mense wat verkeerd doen, maar dan gebeur daar met hulle dinge wat moet gebeur met mense wat reg lewe. Ek sê dit is ook nie soos dit moet wees nie.

15Ek het gesê dit is die beste om die lewe te geniet. Die beste wat ’n mens in hierdie wêreld kan doen, is om te eet en te drink en dinge te geniet. ’n Mens kan dit doen terwyl hy hard werk in die lewe wat God vir hom in hierdie wêreld gee.

Mense kan nie verstaan wat gebeur nie

16Ek het hard probeer verstaan wat wysheid is en ek het probeer sien wat mense op die aarde doen, want hulle is baie besig en slaap amper nooit, nie in die dag of in die nag nie.

17En toe het ek gesien hoe God alles gemaak het, en ek het gesien dat mense hard probeer verstaan wat alles in hierdie wêreld gebeur, maar hulle kan dit nie verstaan nie. En ook wanneer ’n wyse mens sê dat hy dit verstaan, dan kan hy dit nie verstaan nie.

Prediker 9

1Ja, ek het oor al hierdie dinge gedink en ek het gesien dat dit God is wat besluit oor mense wat reg lewe, Hy besluit oor wyse mense en oor die dinge wat hulle doen. Mense weet nie wat met hulle sal gebeur nie, hulle weet ook nie of God vir hulle liefde of haat sal stuur nie.

2Dieselfde dinge gebeur met almal, dit gebeur met mense wat reg doen en met mense wat verkeerd doen, met mense wat goed is, met mense wat rein is en met mense wat onrein is, met mense wat offer en met mense wat nie offer nie, met mense wat goeie dinge doen en met mense wat sonde doen, met mense wat vir God iets belowe en met mense wat bang is om vir God iets te belowe.

3Daar is iets verkeerd wat in hierdie wêreld gebeur: Dit is verkeerd dat dieselfde dinge met almal gebeur. Mense dink slegte dinge en hulle is dwase hulle hele lewe lank, en daarna sterf hulle.

4Terwyl ’n mens lewe, kan hy hoop dat dit beter sal gaan met hom, want ’n hond wat lewe, is beter as ’n leeu wat dood is.

© Bible Society of South Africa.

5Ja, mense wat lewe, weet dat hulle sal sterf, maar mense wat dood is, weet niks. Hulle kry nie ’n beloning nie, want niemand dink nog aan hulle nie.

6Hulle was miskien lief vir mense of hulle het mense gehaat, of hulle was kwaad en ontsteld, maar wanneer hulle sterf, dan is dit alles verby. Hulle sal nooit weer saam met ander mense die dinge doen wat in hierdie wêreld gebeur nie.

7Maar jy, gaan eet jou kos, gaan drink jou wyn en geniet dit. God is tevrede met wat jy doen.

8Jy moet altyd wit klere dra, en jy moet lekkerruik-olie op jou kop smeer.

9Jy moet die lewe geniet saam met die vrou vir wie jy lief is. Jy moet elke dag van jou lewe geniet, elke dag wanneer niks is soos dit moet wees nie. Dit is God wat vir jou elke dag gee, elke dag wanneer niks is soos dit moet wees nie, want dít is wat jy kry terwyl jy lewe en hard werk in hierdie wêreld.

10Jy moet alles doen wat jy kan doen, jy moet dit goed doen, want jy gaan na die doderyk en daar sal jy nie werk of dink of weet of wysheid hê nie.

‘n Mens weet self nie wanneer dit tyd is dat hy moet sterf nie

11Ek het nog iets gesien in hierdie wêreld: Jy kan miskien vinnig hardloop, maar jy wen nie die resies nie, jy is miskien ’n goeie soldaat, maar jy wen nie die oorlog nie, jy het miskien wysheid, maar jy het niks kos nie, jy is miskien verstandig, maar jy word nie ryk nie, jy weet miskien baie dinge, maar niemand hou van jou nie. Die dinge wat met jou moet gebeur, sal gebeur wanneer dit die regte tyd is.

12’n Mens weet self nie wanneer dit tyd is dat hy moet sterf nie. Dit sal miskien skielik sleg gaan met hom, soos wanneer ’n vis skielik in ’n visnet kom of wanneer ’n voël in ’n vangnet vassit.

Dit is beter om wysheid te hê as om sterk te wees

13Ek het ook dít gesien: Daar is wysheid in hierdie wêreld, en dit is vir my baie belangrik.

14Daar was ’n klein stadjie, min mense het daar gewoon. ’n Groot koning het die stad van al die kante aangeval. Hy het probeer om die stad se mure af te breek.

15Daar was ’n arm man in die stad, die man het wysheid gehad. Hy het sy wysheid gebruik om die stad te red. Maar niemand het daardie arm man onthou nie.

16Ek het toe gesê: Dit is beter om wysheid te hê as om sterk te wees. Maar mense dink ’n arm mens se wysheid is nie belangrik nie, en hulle luister nie wanneer hy praat nie.

17Dit is beter om te luister wanneer wyse mense kalm praat, beter as om te luister wanneer ’n persoon wat regeer, vir dwase skree.

18Wysheid is beter as oorlog-wapens, maar een sondaar verwoes baie goeie dinge.

© Bible Society of South Africa.

Prediker **10**

’n Dwaas wys vir almal dat hy ’n dwaas is

1Dooie vlieë laat lekkerruik-olie stink en sleg word. Wanneer iemand ’n bietjie dom
is, dan beteken sy wysheid min, en mense sal hom minder respekteer.

2Die verstand van ’n wyse mens laat dit goed gaan met hom, die verstand van
’n dwaas laat dit sleg gaan met hom.

3Ook wanneer die dwaas op ’n pad loop, dan kan mense sien dat hy nie verstand het
nie, hy wys vir almal dat hy ’n dwaas is.

‘n Verkeerde ding in hierdie wêreld

4Wanneer ’n persoon wat regeer, kwaad word vir jou, dan moet jy op jou plek bly en
jou werk doen, want as jy kalm bly, dan sal jy nie dinge doen wat baie verkeerd is nie.

5Ek het ’n verkeerde ding in hierdie wêreld gesien, dit is ’n fout wat ’n belangrike
persoon maak:

6Hy laat die dwase op baie belangrike plekke sit, maar ryk mense moet op die
minder belangrike plekke sit.

7Ek het gesien dwase ry op perde, en leiers moet soos slawe loop.

As jy wysheid het, dan kan jy slaag

8Wanneer iemand ’n gat grawe, dan sal hy miskien self daarin val, wanneer iemand
’n muur begin afbreek, dan sal ’n slang hom miskien pik.

9Wanneer iemand klippe breek, dan sal die klippe hom miskien seermaak, wanneer
iemand bome afkap, dan moet hy versigtig wees.

10Wanneer ’n byl stomp is en jy maak dit nie skerp nie, dan moet jy harder kap, maar
as jy wysheid het, dan kan jy slaag.

11Wanneer ’n slang pik voordat iemand hom getoor het, dan help dit nie dat iemand
die slang later toor nie.

Wanneer ’n dwaas praat, dan laat hy dit sleg gaan met homself

12Wanneer ’n wyse mens praat, dan is mense vriendelik met hom, maar wanneer
’n dwaas praat, dan laat hy dit sleg gaan met homself.

13Hy is dwaas wanneer hy begin praat, en wanneer hy klaar gepraat het, dan is hy
nog méér dom.

14Maar ’n dwaas praat en praat. Niemand weet wat later sal gebeur nie. Wie kan vir
hom sê wat later sal gebeur? Niemand.

15’n Dwaas word baie moeg wanneer hy iets doen, en hy weet nie hoe hy weer in die
stad kan kom nie.

Die regte koning en die regte tyd

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Dit sal sleg gaan met ’n land as sy koning ’n slaaf is en as sy amptenare vroeg in die dag begin feesvier.

17’n Land is gelukkig as sy koning uit ’n belangrike familie kom en as sy amptenare op die regte tyd eet en drink om sterk te word, nie om dronk te word nie.

18As ’n persoon baie lui is, dan sal sy huis se dak inval, as hy niks wil doen nie, dan sal daar water lek deur sy huis se dak.

19Mense maak kos om lekker te eet, en wyn maak hulle vrolik, maar dit is geld wat hulle help om alles te kry wat hulle wil hê.

20Jy moenie die koning vervloek nie, jy moet nooit dink om dit te doen nie. Jy moenie ’n ryk mens vervloek nie, ook nie as jy alleen in jou slaapkamer is nie. Hoekom? Want ’n voëltjie kan gaan vertel wat jy gesê het, enige iets wat vlieg, kan dit vir hom gaan sê.

Prediker 11

Jy weet nie wat God sal doen nie

1As jy iets het waarvan jy moet lewe, en jy stuur dit weg op die water, dan sal jy dit miskien ná ’n lang tyd terugkry.

2Jy moet jou goed verdeel en dit vir sewe of ag mense gee, want jy weet nie watter slegte dinge sal op die aarde gebeur nie.

3Wanneer die wolke vol water is, dan reën dit op die aarde totdat die wolke leeg is. Wanneer ’n boom val, dan bly die boom lê daar waar dit geval het, dit maak nie saak of dit na die noorde of na die suide val nie.

4As jy eers wil kyk hoe die wind waai, dan sal jy nie saai nie. As jy eers wil kyk of dit sal reën, dan sal jy nie koring afsny nie.

5Jy weet nie hoe die wind sal waai nie en jy weet nie hoe die bene van ’n baba in die liggaam van ’n swanger vrou kom nie. Dit is dieselfde: Jy weet nie wat God sal doen nie, God wat alles maak.

6Jy moet in die oggend jou saad op die land saai en jy moet aanhou saai tot die aand, want jy weet nie watter saad goed sal groei nie. Jy weet nie of dit goed sal gaan met die saad wat jy in die oggend gesaai het of met die saad wat jy in die middag gesaai het nie. Jy weet ook nie of al die saad goed sal groei nie.

Jy moet dink aan God wat jou gemaak het, jy moet nóú aan Hom dink terwyl jy jonk is

7’n Mens moet die lig geniet, dit is goed vir die oë om die son te sien.

© Bible Society of South Africa.

8Ja, as ’n mens lank lewe, dan moet hy elke jaar van sy lewe geniet, maar hy moet
daaraan dink dat die donker tyd ook lank sal wees, die tyd wanneer hy dood sal
wees. Alles wat later kom, sal nie reg wees nie.

9Jongmens, jy moet die lewe geniet terwyl jy nog ’n kind is, dit moet vir jou lekker
wees om jonk te wees. Jy moet doen wat jy graag wil doen, maar jy moet onthou dat
God jou sal oordeel oor alles wat jy doen.

10Jy moenie bekommerd wees nie, oor niks nie. Jy moet alles weghou van jou wat
jou kan laat swaarkry, want die tyd om jonk te wees, is ook nie soos dit moet wees
nie.

Prediker **12**

1Jy moet dink aan God wat jou gemaak het, jy moet nóú aan Hom dink terwyl jy jonk
is, voordat daar slegte dae kom en die jare kom wanneer jy sal sê: “Ek hou nie van
hierdie tyd nie.”

2Jy moet aan God dink voordat jy die son en die maan en die sterre nie meer goed
kan sien nie, en voordat die lug vir jou altyd donker lyk nadat dit gereën het.

3Want daar sal dae kom wanneer jou hande begin bewe en jou bene krom word en
jou tande nie meer die kos fyn kan kou nie omdat jy te min tande het, dae wanneer
jou oë dof begin word,

4en jy nie meer praat nie omdat jy nie goed kan hoor nie, en jy opstaan wanneer die
voëltjies begin sing, maar jy kan hulle nie meer hoor nie.

5Daar sal dae kom wanneer jy bang is vir hoë plekke en vir dinge wat in jou pad is.
Daar sal ’n tyd kom wanneer jou hare wit is soos die blomme van ’n amandelboom,
’n tyd wanneer jy sukkel om te loop, en daar niks is wat help om jou lus te maak vir
seks nie, ’n tyd wanneer jy sterf, en wanneer die mense wat oor jou moet rou, op
die strate bymekaarkom.

6Jy moet aan God dink vóór daardie dag wanneer die silwer tou breek waarmee jy
water uit die put opgetrek het en die goue bak stukkend breek waarin jy die water
gegooi het, vóór daardie dag wanneer die waterkruik by die fontein stukkend is, en
ook die wen-as bokant die watergat.

7Dit is die tyd wanneer jy sterf en jou stof teruggaan na die aarde, en wanneer jou
asem teruggaan na God wat die asem gegee het.

8Die

Prediker sê: Niks is soos dit moet wees nie, niks.

Die dinge wat wyse mense sê

9Die

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Prediker was ’n wyse mens en hy het ook vir die volk baie dinge geleer. Hy het baie spreuke gemaak en hy het die

Spreuke getoets en gereedgemaak.

10Die

Prediker het probeer om woorde te gebruik waarvan mense sal hou, en hy het die dinge presies reg neergeskryf, dinge wat altyd waar sal wees.

11Die dinge wat wyse mense sê, is soos skerp stokke, dit is soos spykers wat hulle diep inslaan. Dit is een Herder wat vir ons die wyse mense gee wat

Spreuke bymekaarmaak.

God sal alles oordeel wat jy doen

12Ek het al hierdie dinge vir jou gesê, maar ek wil ook nog dít sê: My seun, jy moet versigtig wees, ’n mens maak nooit klaar wanneer jy baie boeke wil skryf nie, en as jy baie hard werk om die boeke te skryf, dan sal jy baie moeg word.

13Wanneer jy klaar na alles geluister het, dan moet jy dít onthou: Jy moet vir God respekteer en jy moet Hom dien. Jy moet doen wat Hy sê, want Hy sê dit vir elke mens.

14Ja, God sal alles oordeel wat jy doen, Hy sal ook die dinge oordeel waarvan ander mense nie weet nie, die goeie dinge én die slegte dinge.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Hooglied

Hooglied 1

[1]Die mooiste lied. Van Salomo.

Ons moet sing daaroor dat jy lief is vir my

[2]Sy sê: “Hy moet my soen, hy moet aanhou om my te soen! Ja, jy is lief vir my, en dit is lekkerder as wyn.

[3]Jy ruik so lekker soos goeie olyf-olie, wanneer ek jou naam hoor, dan is dit soos lekkerruik-olie. Dit is hoekom meisies verlief is op jou.

[4]Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop! Die koning het my na sy kamer gebring. Ons moet juig, ons moet vir almal wys dat ons bly is, ons moet sing daaroor dat jy lief is vir my, dit is lekkerder as wyn.”

Ek is bruin gebrand, maar ek is mooi

[5]Sy sê: “Meisies van Jerusalem, ek is bruin gebrand, maar ek is mooi, so mooi soos die tente in die land Kedar, soos die tente van Salomo.

[6]Julle kyk na my omdat ek bruin gebrand is, omdat die son my so gebrand het. Julle moenie so na my kyk nie. My broers was kwaad vir my, hulle het gesê ek moet die wingerde oppas, en daarom kon ek nie my vel mooi hou nie.”

Jy moet jou bokkies laat wei by die skaapwagters se tente

[7]Sy sê: “Ek is lief vir jou, jy moet vir my vertel waar jy jou skape en bokke laat wei, waar jy hulle laat rus op die warmste tyd van die dag. Ek wil nie my gesig toemaak en jou soek by jou vriende se troppe skape en bokke nie.”

[8]Hy sê: “Jy, mooiste van al die vroue, as jy dit nie kan uitvind nie, dan moet jy loop op die spore van die skape en die bokke, en jy moet jou bokkies laat wei by die skaapwagters se tente.”

Jy dra oorbelle langs jou wange

[9]Hy sê: “My liefste, jy is vir my mooi, so mooi soos ’n perd voor die farao se oorlogkar.

[10]Jy dra oorbelle langs jou wange en kettinkies om jou nek.

[11]Ons sal vir jou oorbelle maak van goud met silwer knoppe daarin.”

Terwyl die koning naby was

[12]Sy sê: “Terwyl die koning naby was, het hy my nardus geruik.

[13]Die man vir wie ek lief is, is vir my soos ’n sakkie mirre tussen my borste.

[14]Die man vir wie ek lief is, is vir my soos ’n henna-tros in die wingerd van die stad En-Gedi.”

[15]Hy sê: “My liefste, jy is regtig mooi, regtig, jy is mooi, jou oë is soos duiwe.”

© Bible Society of South Africa.

16Sy sê: “Man vir wie ek lief is, jy is regtig mooi, jy is ook pragtig, en ons bed is ook mooi, ons bed is onder die groen blare.

17Ons huis se balke is die sederbome, die planke in ons dak is die sipresbome.”

Hooglied **2**

Soos ’n blom tussen dorings

1Sy sê: “Ek is die affodil van Saron, die blom van die valleie.”

2Hy sê: “My liefste, wanneer jy tussen die jongmeisies is, dan is jy soos ’n blom tussen dorings.”

3Sy sê: “Wanneer die man vir wie ek lief is, tussen die jongmans is, dan is hy soos ’n appelboom tussen die bome in die bos. Ek wil graag in sy skaduwee sit, sy appels is soet in my mond.”

‘n Plek waar ons kon feesvier

4Sy sê: “Hy het my geneem na ’n plek waar ons kon feesvier, hy het vir my gewys dat hy lief is vir my.

5Jy moet vir my rosyntjies gee om my sterk te maak, jy moet vir my appels gee, sodat ek nuwe krag kan kry, want ek het swak geword van liefde.

6Sy linker-arm is onder my kop, sy regter-arm is om my lyf.

7Vroue van Jerusalem, julle moet vir my belowe, en die gaselle en die takbokke in die veld moet die getuies wees, julle moet belowe dat julle ons nie sal wakker maak en nie sal pla nie. Ons is lief vir mekaar en ons sal self besluit wat om te doen.”

Dit is die tyd om te sing

8Sy sê: “Ek hoor die man vir wie ek lief is, kyk daar, hy kom, hy gaan teen die berge op, hy spring oor die heuwels.

9Die man vir wie ek lief is, is soos ’n gasel, soos ’n jong takbok. Kyk daar, hy staan anderkant ons muur, hy kyk deur die vensters, hy loer deur die tralies.

10Die man vir wie ek lief is, begin praat, hy sê vir my: ‘My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom.

11Want kyk, die winter is verby, dit reën nie meer nie.

12Daar is weer blomme in die veld, dit is nou die tyd om te sing, ek hoor die duiwe koer in ons land.

13Die vyeboom laat sy vye groot word, jy kan ruik dat die wingerdstokke blomme kry. My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom.

14Jy is soos ’n duif tussen die rotse, ’n duif wat wegkruip teen die hoë rotse, ek wil jou sien, ek wil jou hoor, jou stem is mooi en jy is mooi.’ ”

© Bible Society of South Africa.

Die klein jakkalsies wat aan die wingerdstokke vreet

15Sy sê: “Julle moet vir ons die jakkalse vang, die klein jakkalsies wat aan die wingerdstokke vreet, ons wingerdstokke wat nou begin blomme kry.

16Die man vir wie ek lief is, is myne, en ek is syne, hy is soos ’n takbok wat wei tussen die blomme

17totdat die aandwind waai en die skaduwees weg is. Jy, man vir wie ek lief is, jy moet terugkom, jy moet wees soos ’n gasel, soos ’n jong takbok op die Beter-berge.”

Hooglied 3

Het julle die man gesien vir wie ek lief is?

1Sy sê: “Toe ek in my bed soek na die man vir wie ek lief is, toe ek hom soek in die nag, het ek hom nie gekry nie.

2Ek het gesê ek wil opstaan en in die stad rondloop op die strate en die oop stukke grond, ek wil soek na die man vir wie ek lief is. Ek het na hom gesoek, maar ek het hom nie gekry nie.

3Die polisie het my daar gekry. Ek het vir hulle gevra: ‘Het julle die man gesien vir wie ek lief is?’

4Toe ek by hulle verbygeloop het, het ek die man gekry vir wie ek lief is. Ek het hom vasgehou, ek het hom nie gelos nie totdat ek hom na my ma se huis gebring het, na die kamer waar ek gebore is.

5Vroue van Jerusalem, julle moet vir my belowe, en die gaselle en die takbokke in die veld moet die getuies wees, julle moet belowe dat julle ons nie sal wakker maak en nie sal pla nie. Ons is lief vir mekaar en ons sal self besluit wat om te doen.”

Julle moet kom kyk na koning Salomo

6Hy sê: “Wie is sy wat daar uit die woestyn kom soos ’n rookwolk? ’n Mens kan die mirre en die wierook ruik, en al die goed wat lekker ruik wat die handelaars verkoop.

7Kyk, dit is die dra-stoel van koning Salomo! Daar is 60 spesiale manne rondom die dra-stoel, dit is 60 van die spesiale manne van Israel.

8Elke man het ’n swaard, hy weet hoe om oorlog te maak, elke man dra sy swaard langs sy heup, elke man is gereed vir die gevaarlike dinge in die nag.

9Koning Salomo het sy troon laat maak van hout uit die Libanon-berg.

10Die pote van die troon is van silwer, die rug is van goud, en die kussing is van pers wol. Die vroue van Jerusalem het die kussing geborduur, want hulle is lief vir die koning.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Vroue van Sion, julle moet kom kyk na koning Salomo, hy dra die kroon wat sy ma
op sy kop gesit het die dag toe hy getrou het, die dag toe hy baie bly was."

Hooglied **4**

Jy is heeltemal mooi

1Hy sê: "My liefste, jy moet luister, jy is mooi, luister, jy is mooi, jou oë is soos duiwe
agter jou sluier, jou hare is soos 'n trop bokke wat afkom teen Gilead-berg.

2Jou tande is soos 'n trop skaap-ooie, skape wat skoon gewas en geskeer is. Elke ooi
het tweeling-lammers, en almal het lammers.

3Jou lippe is soos bloedrooi lint, jou mond is mooi, jou wange is soos stukke granaat
agter jou sluier.

4Jou nek is soos die toring van Dawid met sy klippe in rye, daar hang 1 000 skilde
aan die toring, dit is almal skilde van spesiale manne.

5Jou twee borste is soos twee jong takbokkies, soos die tweeling-lammers van
'n gasel wat tussen die blomme wei.

6Ek sal na die mirre-berg gaan, na die wierook-heuwel totdat die aandwind waai en
die skaduwees verdwyn.

7My liefste, alles van jou is mooi, daar is niks foute aan jou nie."

Jy moet saam met my kom

8Hy sê: "Bruid, kom saam met my van die Libanon-berg, jy moet saam met my kom
van die Libanon-berg, jy moet afkom van bo-op die Amana-berg, van bo-op die Senir-
berg en die Hermon-berg, weg van die plekke waar die leeus woon, weg van die
berge van die luiperds."

Daar is heuning en melk onder jou tong

9Hy sê: "My suster, my bruid, jy het my opgewonde gemaak, jy het my hart vinnig
laat klop toe jy net een maal na my gekyk het, net een stukkie van die ketting om jou
nek het my opgewonde gemaak.

10My suster, my bruid, jou liefde is soet, jou liefde is lekkerder as wyn, jou olie ruik
lekkerder as al die kruie.

11My bruid, jou lippe proe soos stroop, daar is heuning en melk onder jou tong, jou
klere ruik na die Libanon-berg."

'n Fontein in 'n tuin

12Hy sê: "'n Tuin wat 'n muur rondom het! My suster, my bruid, is soos 'n tuin wat 'n
muur rondom het, 'n fontein wat tóé is.

13Jou arms is soos 'n tuin vol granaatbome saam met baie kosbare kruie, henna
en nardus,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14nardus en saffraan, kalmoes en kaneel, saam met al die wierook-bome, mirre en aalwyn saam met al die beste kruie.

15Jy is soos ’n fontein in ’n tuin, ’n put met water wat borrel, en strome water van die Libanon-berg.”

16Sy sê: “Noordewind, jy moet opstaan, suidewind, jy moet kom, jy moet waai deur my tuin, almal moet sy kruie ruik. Die man vir wie ek lief is, moet kom na sy tuin, hy moet die kosbare vrugte kom eet.”

Hooglied 5

1Hy sê: “My suster, my bruid, ek kom na my tuin, ek pluk my mirre saam met my kruie, ek eet my heuningkoek saam met my heuning, ek drink my wyn saam met my melk.” Vriende, julle moet eet, vriende, julle moet drink, julle moet dronk word van die liefde.

Ek het hom gesoek, maar ek het hom nie gekry nie

2Sy sê: “Ek het geslaap, maar my hart het wakker gebly. Ek hoor toe dat die man teen die deur klop, die man vir wie ek lief is, hy het gesê: ‘My suster, my liefste, my duif, jy is perfek. Jy moet die deur vir my oopmaak, my kop is nat van die dou, my hare het nat geword in die nag.’

3Ek het geantwoord: ‘Ek het al klaar my rok uitgetrek, hoekom moet ek weer aantrek? Ek het klaar my voete gewas, hoekom moet ek hulle weer vuil laat word?’

4Maar toe het die man vir wie ek lief is, sy hand deur die gat in die deur gesteek, en toe begin my hart vinnig klop oor hom.

5Ek het opgestaan om die deur oop te maak vir die man vir wie ek lief is. Toe my hande aan die deur se slot raak, het die mirre afgedrup van my hande, het die mirre afgeloop van my vingers.

6Ek het die deur oopgemaak vir die man vir wie ek lief is, maar toe was hy nie daar nie, hy was weg! Ek het gedink ek sal hom volg, ek het hom gesoek, maar ek het hom nie gekry nie, ek het hom geroep, maar hy het nie geantwoord nie.

7Die polisie wat in die stad loop, het my gekry, hulle het my geslaan en seergemaak, die wagte op die mure het my kopdoek afgeruk.

8Vroue van Jerusalem, julle moet dit vir my belowe: Wanneer julle die man kry vir wie ek lief is, dan moet julle vir hom sê ek is so lief vir hom dat ek siek geword het.”

Hoe lyk die man vir wie jy lief is?

9Die vroue sê: “Mooiste van al die vroue, hoe lyk die man vir wie jy lief is? Lyk hy anders as ander mans? Jy sê ons moet dit belowe, maar hoe lyk die man vir wie jy lief is? Lyk hy anders as ander mans?”

Julle sal hom ken tussen tien duisend ander mans

© Bible Society of South Africa.

10Sy sê: “Die man vir wie ek lief is, se vel is lig en gesond, julle sal hom ken tussen tien duisend ander mans.

11Sy voorkop lyk soos skoon goud, sy lang krulhare is so swart soos ’n kraai.

12Sy oë lyk soos duiwe langs riviere, duiwe wat so wit is soos melk en wat by die water sit.

13Sy wange lyk soos ’n tuin vol kruie wat baie lekker ruik. Sy lippe lyk soos blomme, mirre drup van sy lippe af.

14Sy arms lyk soos goud, goud waarin daar mooi klippies vassit. Sy liggaam lyk soos marmer, marmer waarin daar saffiere vassit.

15Sy bene lyk soos marmer-pilare wat op goue voetstukke staan. Hy lyk soos die Libanon-berg waar die beste sederbome groei.

16Sy mond smaak soet, en alles aan hom is mooi. Vroue van Jerusalem, dit is die man vir wie ek lief is, dit is my vriend.”

Hooglied **6**

Ons sal saam met jou soek

1Die vroue sê: “Mooiste van al die vroue, waarnatoe het die man gegaan vir wie jy lief is? Waarnatoe is die man vir wie jy lief is? Ons sal saam met jou soek.”

Hy het afgegaan na sy tuin

2Sy sê: “Die man vir wie ek lief is, het afgegaan na sy tuin, na die kruie-tuin, om soos ’n takbok in die tuine te wei en om blomme te pluk.

3Ek behoort aan die man vir wie ek lief is, en hy is myne, hy wat tussen die blomme wei.”

Jy is so mooi dat ek bang word vir jou

4Hy sê: “My liefste, jy is so mooi soos die stad Tirsa, so mooi soos die stad Jerusalem, so mooi dat ek bang word vir jou.

5Jy moenie na my kyk nie, jou oë maak my senuweeagtig. Jou hare is soos ’n trop bokke wat afkom teen Gilead-berg.

6Jou tande is so wit soos ’n trop skaap-ooie wanneer iemand hulle gewas het. Elke ooi het tweeling-lammers, en almal het lammers.

7Jou wange is soos stukke granaat agter jou sluier.

8“Die koning het 60 vroue en 80 byvroue en so baie jong vroue dat ’n mens hulle nie kan tel nie.

9Maar daar is net een vrou soos sy, sy is my duif, alles aan haar liggaam is perfek. Sy is die enigste dogter van haar ma, sy is die een vir wie haar ma baie lief is. Wanneer

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die ander jong vroue haar sien, dan sê hulle sy is gelukkig, die vroue en die byvroue van die koning prys haar.

10Hulle sê: ‘Wie is dit wat na ons toe kom soos ’n nuwe dag, so mooi soos die maan, so helder soos die son? Sy is so mooi dat ons bang word vir haar.’ ”

11Hy sê: “Ek het na die neute-tuin gegaan om te kyk na die groen plante in die vallei, om te kyk of die wingerdstokke nuwe blare kry en of daar blomme aan die granaatbome is.

12Ek weet nie wat met my gebeur het nie. Dit het gevoel of sy my laat ry op my volk se beste oorlogkarre.”

13Die vroue sê: “Sulammitiese vrou, jy moet terugkom, jy moet terugkom! Jy moet terugkom, jy moet terugkom, ons wil jou sien!” Sy sê: “Hoekom wil julle kyk na my, die Sulammitiese vrou, hoekom wil julle kyk wanneer ek dans in die soldate-kamp?”

Hooglied 7

Jy het baie dinge wat ek kan geniet

1Hy sê: “Prinses, jou twee voete is baie mooi in jou sandale, jou heupe lyk soos juwele wat ’n ambagsman gemaak het.

2Jou naeltjie is soos ’n ronde bak, vol kruiewyn, jou lyf is soos ’n hoop koring met blomme rondom.

3Jou twee borste is soos twee jong takbokkies, soos die tweeling-lammers van ’n gasel.

4Jou nek is soos ’n toring van ivoor, jou oë is soos die damme by die stad Gesbon, soos die damme by die poort van Bat-Rabbim, jou neus is soos die toring op die Libanon-berg wat na die stad Damaskus kyk.

5Jou kop is soos die Karmel-berg, jou hare is soos die klere wat konings dra, die koning hou aan om daarna te kyk.

6My liefste, jy is baie mooi, baie pragtig. Jy het baie dinge wat ek kan geniet.

7Jy staan so regop soos ’n palmboom, en jou borste is soos trosse dadels.

8Ek het gedink ek wil opklim teen die palmboom, ek wil sy trosse dadels pluk. Jou borste moet vir my wees soos trosse druiwe, jou neus moet ruik soos appels,

9jou mond moet smaak soos goeie wyn.” Sy sê: “Dit is soos wyn wat vloei na die man vir wie ek lief is, wyn wat saggies vloei oor die lippe van mense wat slaap!

10Ek behoort aan die man vir wie ek lief is, en hy verlang na my.”

Kom ons gaan uit die stad

© Bible Society of South Africa.

11Sy sê: “Kom, man vir wie ek lief is, kom ons gaan uit die stad, kom ons gaan slaap in die dorpies.

12Kom ons gaan vroeg na die wingerde, kom ons gaan kyk of die wingerdstokke nuwe blare kry, kom ons gaan kyk of die blomme oopgegaan het en of die granaatbome blom. Daar sal ek vir jou wys hoe lief ek vir jou is.”

Ek wens jy was my broer

13Sy sê: “Die liefdes-appels ruik baie lekker, daar is baie lekker vrugte voor ons deur, nuwe en ou vrugte. Man vir wie ek lief is, ek het dit vir jou gebêre.

Hooglied **8**

1“Ek wens jy was my broer, ek wens jy het ook aan my ma se bors gedrink. As ek jou dan buite in die straat gekry het, dan sou ek jou gesoen het, en niemand sou gedink het dit is verkeerd nie.

2Ek sou jou na my ma se huis gebring het, en jy sou vir my geleer het van die liefde. Ek sou jou laat drink het van my kruiewyn, van my granaatsap.

3Sy linker-arm is onder my kop, sy regter-arm is om my lyf.

4Vroue van Jerusalem, julle moet vir my belowe dat julle ons nie sal wakker maak en nie sal pla nie. Hoekom wil julle ons wakker maak? Ons is lief vir mekaar en ons sal self besluit wat om te doen.”

5Die vroue sê: “Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?”

Die liefde is so sterk soos die dood

Sy sê: “Ek het jou wakker gemaak onder die appelboom, daar is jy gebore, daar het jou ma die pyn gevoel, en daar is jy gebore.

6Jy moet my soos ’n seëlring teen jou bors druk, soos ’n seëlring om jou arm, want die liefde is so sterk soos die dood, dit is so sterk soos die doderyk, dit is ’n vuur wat warm brand.

7Baie water kan nie die liefde laat ophou nie, riviere kan dit nie wegspoel nie. ’n Mens kan nie liefde koop nie. As iemand alles wat hy in sy huis het, wil gee om liefde te koop, dan sal mense dink hy is baie dom, hulle sal vir hom lag.”

Wat kan ons doen vir ons suster?

8Die broers sê: “Ons suster is nog klein, sy het nog nie groot borste nie. Wat kan ons doen vir ons suster wanneer ’n man haar eendag wil hê?

9As sy ’n muur was, dan kon ons ’n toring van silwer op haar gebou het, as sy ’n deur was, dan kon ons haar toegemaak het met seder-planke.”

10Sy sê: “Ek ís ’n muur, en my borste is soos torings, ek maak die man vir wie ek lief is, gelukkig, en daarom word ek vir hom soos iemand wat hy oorwin het.”

© Bible Society of South Africa.

Ek pas self my wingerd op

11 Hy sê: “Salomo het ’n wingerd gehad in Baäl-Hamon, en hy het sy wingerd vir
mense gegee, hulle moes dit oppas. Elkeen moes 1 000 stukke silwer betaal vir die
druiwe.

12 Ek pas self my wingerd op. Salomo, jy kan jou 1 000 stukke silwer hou, en ook
die 200 stukke silwer wat die mense moet kry wat die druiwe oppas.”

Man vir wie ek lief is, jy moet gou maak

13 Hy sê: “Jy wat in die tuin woon, jou vriende wag om te hoor wat jy sê. Ek wil hoor
wat jy vir my sê.”

14 Sy sê: “Man vir wie ek lief is, jy moet gou maak. Jy moet hardloop soos ’n gasel of
soos ’n jong takbok op die Balsem-berge.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Jesaja

Jesaja 1

1 Die Here het vir Jesaja gewys wat sal gebeur met Juda en Jerusalem. Dit was in die
tyd toe vier konings ná mekaar koning van Juda was. Die konings was Ussia, Jotam,
Agas en Hiskia. Jesaja was die seun van Amos.

My volk wil nie aan My behoort nie

2 Die Here het gesê: “Die hemel en die aarde moet luister en hoor wat Ek sê: Ek het
kinders grootgemaak en Ek het vir hulle geleer hoe om te lewe, maar hulle wou nie
luister na My nie.

3 ’n Bees weet aan wie hy behoort, en ’n donkie weet waar sy eienaar vir hom kos
gee, maar die Israeliete wil nie naby My wees nie. My volk wil nie aan My behoort
nie.”

Jerusalem het alleen oorgebly

4 Israeliete, dit sal sleg gaan met julle. Julle is almal sondaars. Julle het baie verkeerd
gedoen, julle doen net slegte dinge. Julle verwoes alles, julle wil nie naby die Here
bly nie. Die Heilige God van Israel was nie belangrik vir julle nie, julle het weggegaan
van Hom.

5 Wil julle hê Ek moet julle nog meer straf? Julle hou aan om ongehoorsaam te wees
aan My. Dit is soos wanneer ’n mens iemand baie geslaan het: sy hele kop is
stukkend en sy liggaam is baie swak.

6 Van sy kop tot by sy tone is sy hele lyf vol seerplekke, vol kneusplekke waar die
persoon hom geslaan het. Niemand het die seerplekke skoongemaak en toegedraai
en met olyf-olie sag gemaak nie.

7 So het die vyande julle land verwoes en julle stede afgebrand. Mense van ander
lande eet julle kos en hulle verwoes alles, en julle moet staan en kyk.

8 Jerusalem het alleen oorgebly, en die vyande is rondom die stad. Die stad is soos
’n afdak in ’n wingerd, soos ’n huisie van takke in ’n komkommer-tuin.

9 Julle sê: Die Here wat oor alles regeer, het ons nie almal laat sterf nie, Hy het ’n paar
van ons laat oorbly. As Hy dit nie gedoen het nie, dan het die vyande ons verwoes, en
dan was ons soos Sodom en Gomorra.

Julle moet leer om goed te doen

10 Maar júlle is soos Sodom en Gomorra, julle, die leiers en die volk. Julle moet luister
na wat die Here nou vir julle sê, julle moet hoor wat Hy vir julle wil leer.

11 Die Here sê: “Hoekom bring julle vir My so baie offers? Ek is moeg vir die ramme
en die vet beeste wat julle offer, Ek hou nie van bulle en lammers en bokke se bloed
nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Ek het nie gesê julle moet na my tempel kom en die plek stukkend trap wanneer julle offers bring nie.

13Die presente wat julle vir My bring, beteken niks, en die wierook ruik nie lekker vir My nie. Julle moet ophou om dit te offer. Julle vier feeste op die Nuwemaan-dag en die Sabbatdag, julle kom by die tempel bymekaar. Julle hou gewyde feesdae maar dan doen julle slegte dinge. Ek hou nie daarvan nie.

14Ek haat julle Nuwemaan-feeste en julle ander feeste. Hulle is vir My soos swaar goed wat Ek moet dra, en Ek is moeg om dit te dra.

15Ek sal nie luister wanneer julle bid en julle hande na My toe uitsteek nie. Ook wanneer julle baie bid, sal Ek nie luister nie, want julle is moordenaars.

16Julle moet julle was en julle skoonmaak, dit is wat julle moet doen. Julle moenie aanhou om slegte dinge te doen nie, julle moet ophou om verkeerd te doen.

17Julle moet leer om goed te doen, julle moet reg doen aan ander mense. Julle moet die mense help wat swaarkry, julle moet seker maak dat mense reg doen aan weeskinders en weduwees."

18Die Here sê: "Kom ons praat met mekaar. Iets wat so rooi soos bloed is, kan nie wit word soos sneeu of wol nie. Mense wat groot sondaars is soos julle, kan nie rein word nie. Maar Ék sál julle rein maak.

19As julle luister na My, dan sal dit goed gaan met julle hier in die land.

20Maar as julle nie wil luister nie, dan sal die vyande julle doodmaak." Dit is wat die Here gesê het.

Ek sal julle red as julle reg doen

21Die Here het ook gesê: "Julle, die mense in hierdie stad, Jerusalem, het gedoen wat Ek wil hê. Julle het reg gedoen aan almal, julle was regverdig, maar julle het ontrou geword, julle is nou moordenaars.

22Dit is soos wanneer iemand silwer smelt en grond daarby gooi, of dit is soos wanneer iemand water by bier gooi.

23Julle amptenare luister nie na My nie, hulle is vriende van diewe. Mense betaal hulle om verkeerd te doen. Dan doen hulle nie reg in die poort nie. Hulle luister nie wat die weduwees en weeskinders sê nie.

24Daarom praat Ek nou. Ek is die Here, die Here wat oor alles regeer, die sterk God van die Israeliete. Ek sê: Dit sal sleg gaan met julle almal wat nou my vyande is, Ek sal julle straf.

25Ja, Ek sal julle vat en Ek sal julle reinig, soos wanneer iemand silwer smelt en hy haal die grond en die tin uit die silwer.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26Ek sal vir die stad weer goeie leiers gee om te regeer, en ook goeie raadgewers. Die mense sal sê: 'Die stad is die Regverdige Stad, die mense in daardie stad doen wat die Here wil hê.'

27Mense van Sion, Ek sal julle red as julle reg doen en as julle verander en lewe soos God wil hê, en as julle reg doen aan mense.

28Maar die mense wat nie luister nie en sonde doen en nie by die Here wil bly nie, hulle sal swaarkry en sterf."

Julle offers vir die afgode sal julle nie help nie

29"Julle bring offers vir afgode onder die groot bome, en julle maak vir hulle tuine. Maar dit sal julle niks help nie.

30Julle sal word soos 'n boom wanneer sy blare droog word, soos 'n tuin wat nie water kry nie.

31Julle sterkste leier sal soos 'n stukkie tou word wat brand, en sy afgode sal die vuur wees wat hulle sal laat brand. Dan sal hulle saam brand, en niemand sal die vuur doodmaak nie."

Jesaja 2

1Die Here het vir Jesaja gewys wat sal gebeur met Juda en Jerusalem. Jesaja was die seun van Amos.

Ons moet lewe soos die Here vir ons sê

(Ook Miga 4:1-3)

2Eendag sal die berg waarop die Here se tempel staan, hoër wees en vaster staan as die ander berge en heuwels. Baie volke sal na hierdie berg kom.

3Die mense van baie volke sal kom en hulle sal sê: "Kom ons gaan op teen die berg van die Here, na die tempel van die God van Jakob. Dan sal Hy vir ons leer wat ons moet doen, en dan kan ons so lewe. Ons moet na Jerusalem gaan, dan sal ons weet wat die Here wil hê ons moet doen en wat Hy vir ons wil sê."

4Die Here sal die regter wees tussen die volke, Hy sal die baie volke vrede laat maak met mekaar. Dan sal die volke hulle swaarde en spiese smelt en hulle sal daarvan skerp ysters maak om te ploeg en messe om bome se takke af te sny. Die volke sal nie weer oorlog maak teen mekaar nie en hulle sal ook nie leer om oorlog te maak nie.

5Kom, nageslag van Jakob, kom ons lewe soos die Here vir ons sê.

Die dag van die Here sal kom

6Waarlik, U het u volk gelos, die nageslag van Jakob want hulle probeer om waarsêers te wees soos die mense in die ooste en soos die Filistyne. Hulle klap hulle hande en probeer om die bose geeste weg te jaag, soos die mense van ander lande.

© Bible Society of South Africa.

7Die land Juda is vol silwer en goud, die mense is baie ryk. Daar is baie perde in die land en die mense het baie oorlogkarre.

8Die land is vol afgode. Die mense buig voor goed wat hulle self gemaak het.

9Here, daarom moet U die mense laat buig en U moet hulle verneder. U moet hulle nie vergewe nie.

10Julle moet wegkruip agter rotse en in gate in die grond, want die Here kom. Wanneer Hy kom, dan sal julle bewe, want Hy is die Koning.

11Die hoogmoedige mense sal nie weer trots kan wees nie, hulle sal moet buig voor Hom. Net die Here sal op daardie dag belangrik wees.

12Ja, die dag van die Here sal kom, die Here wat oor alles regeer. Hy sal téén al die hoogmoedige mense wees, teen almal wat dink hulle is belangrik.

13Hy sal téén al die hoë bome op Libanon-berg en in die land Basan wees,

14ook teen al die hoë berge en heuwels,

15teen elke hoë toring en elke sterk muur,

16teen al die mooi skepe wat na die land Tarsis gaan.

17Die hoogmoedige mense sal moet buig, die mense wat dink hulle is belangrik, sal verneder word. Net die Here sal op daardie dag belangrik wees.

18Die afgode sal heeltemal verdwyn.

19Die mense sal wegkruip agter rotse en in gate in die grond, want die Here sal kom. Hy sal die aarde skud. Almal sal voor Hom bewe, Hy is die Koning.

20Daardie dag sal die mense hulle afgode weggooi en hulle sal dit vir die rotte en die vlermuise gee, die afgode van silwer en goud wat hulle gemaak het, die afgode voor wie hulle gebuig het.

21Hulle sal wegkruip in grotte in die berge en tussen klippe, want die Here sal kom. Hy sal die aarde skud. Almal sal bewe voor Hom, Hy is die Koning.

22'n Mens beteken niks. As hy nie asemhaal nie, dan sterf hy. Julle moenie dink 'n mens kan julle help nie.

Jesaja 3

Alles wat hulle sê en doen, is téén die Here

1Die Here regeer oor alles. Die Here sal die belangrike mense wegvat uit die stad Jerusalem en uit die land Juda, almal wat vir die mense in die stad en die land sorg. Die Here sal dit doen.

© Bible Society of South Africa.

2Hy sal almal wegvat: die soldate, die mense wat weet hoe om oorlog te maak, die regters, die profete en die mense wat dink hulle weet wat ander mense nie kan weet nie, die leiers,

3die offisiere, die amptenare wat naby die koning is, die raadgewers van die koning, die goeie ambagsmanne, en die towenaars.

4Ek sal vir hulle amptenare gee wat jong seuns is, seuns wat sal doen wat hulle wil.

5Dan sal die mense met mekaar begin baklei. Die jongmense sal parmantig wees met die oumense, en die onbelangrike mense sal parmantig wees met die belangrike mense.

6'n Man sal sy broer gryp in sy pa se huis en vir hom sê: "Jy moet ons leier wees, want jy het mooi klere. Jy moet regeer oor hierdie stad wat nou 'n hoop klippe is."

7Maar die broer sal sê: "Nee, ek wil nie julle leier wees nie, ek het nie kos en mooi klere in my huis nie, julle moet my nie die leier van die mense maak nie."

8Ja, Jerusalem is nou 'n hoop klippe, en die land Juda is verwoes, want alles wat die mense sê en doen, is téén die Here. Hulle wil nie luister na die Here nie.

9In die poort doen hulle nie reg aan die arm mense nie, en hulle maak soos die mense van Sodom. Hulle is nie skaam oor hulle sonde nie. Dit sal sleg gaan met hulle, hulle hou aan om sonde te doen totdat die Here hulle straf.

10En vir die mense wat reg doen, moet julle sê: "Dit sal baie goed gaan met julle, want julle het goed gedoen."

11Maar dit sal sleg gaan met die mense wat verkeerd doen, baie sleg, want hulle hou aan om sonde te doen totdat die Here hulle straf.

Die Here sal die leiers na die poort vat

12Die Here sê: "Kinders en vroue verdruk my volk en hulle regeer oor my volk. Die mense wat vir my volk die regte pad moet wys, laat hulle verdwaal."

13Die Here is die Regter, Hy wil die volke straf.

14Die Here bring die leiers en die amptenare van sy volk na die poort en Hy sê: "Julle het my volk se druiwe gepluk en die goed gevat van die mense wat hulleself nie kan help nie.

15Hoekom doen julle slegte dinge aan my volk? Hoekom verdruk julle die mense wat hulleself nie kan help nie?" Dit is wat die Here sê, die Here wat oor alles regeer.

Die vroue in Jerusalem

16Die Here het ook gesê: Die vroue in Jerusalem is hoogmoedig. Hulle loop neus in die lug en swaai hulle heupe. Hulle kyk vir die mans en knip hulle oë, hulle skud die ringe om hulle enkels.

© Bible Society of South Africa.

17Maar die Here sal hulle koppe vol sere maak, en hulle hare sal uitval.

18Daardie dag sal Hy hulle mooi goed wegvat: die ringe om hulle enkels en die juwele wat lyk soos die son en die maan,

19die oor-ringe en die armbande en sluiers,

20die kop-ringe en die kettings om hulle enkels, die mooi gordels om hulle lyf, die reukwater, die juwele om hulle nekke,

21die ringe aan hulle vingers en die neusringe,

22die mooi rokke, die doeke om hulle skouers, die handsakkies,

23die spieëls, die lang rokke, die kopdoeke en die kort jassies.

24Wanneer die Here al die mooi goed weggevat het, dan sal die vroue nie meer lekker ruik nie, hulle sal stink. Hulle sal nie meer mooi gordels dra nie, hulle sal toue om hulle lyf dra. Hulle sal nie hulle hare kan vleg nie, want hulle sal kaalkop wees, hulle sal nie meer mooi klere dra nie, hulle sal rouklere dra. Hulle sal nie meer mooi wees nie, daar sal brandmerke op hulle lywe wees, want hulle sal slawe wees.

25Die mans van Jerusalem, die soldate, sal in die oorlog sterf.

26Die stad sal wees soos ’n vrou wat kaal op die grond sit en huil en treur.

Jesaja 4

1Daardie dag sal sewe vroue een man gryp en vir hom sê: “Trou asseblief met ons. Ons sal ons eie kos eet en ons eie klere maak. Ons wil ’n man hê, sodat die mense ons nie meer spot nie.”

2Daardie dag sal al die plante mooi en vol saad wees, die plante wat die Here laat groei. Die Israeliete wat nog lewe, sal bly wees oor al die mooi vrugte wat hulle kan eet.

3Die mense sal sê almal in Jerusalem wat nog lewe, is gewyde mense. Die Here het die gewyde mense se name in sy boek geskryf.

4Die Here sal die vroue in Jerusalem skoon was, hulle sal nie meer vuil wees nie. Hy sal die Regter wees en Hy sal die moordenaars uit Jerusalem uithaal soos wanneer iemand silwer smelt en die grond uithaal.

5Dan sal die Here in die dag ’n wolk bring en Hy sal in die nag rook bring en ook die lig van ’n vuur oor elke plek in Jerusalem, elke plek waar mense woon en bymekaarkom. Daar sal ’n afdak wees wanneer die Here kom na die mense toe in Jerusalem.

6Die afdak sal hulle beskerm sodat hulle nie brand nie, en dit sal hulle ook beskerm teen storms en reën.

© Bible Society of South Africa.

Jesaja 5

Die wingerd van die Here

1Ek is lief vir Iemand, en ek wil sing oor Hom. Ek wil sing oor sy wingerd. Ek is lief vir
Hom. Hy het ’n wingerd op ’n heuwel waar goeie grond is.

2Hy het die grond op die heuwel omgespit en die klippe uitgehaal en hy het
goeie wingerdstokke geplant. Toe het Hy ’n toring in die wingerd gebou en
’n parskuip in klip uitgekap. Hy het gehoop dat die wingerd druiwe sal dra, maar die
wingerd het slegte vrugte gedra.

3En nou sê Hy vir die mense wat in Jerusalem woon en vir die mense van die land
Juda: “Julle moet sê wie het reg gedoen, Ek of my wingerd.

4Wat moet Ek nog vir my wingerd doen wat Ek nog nie gedoen het nie? Ek het
gehoop dat my wingerd druiwe sal dra, maar hy dra slegte vrugte.

5Nou sê Ek vir julle wat Ek met my wingerd sal doen: Ek sal die muur om die wingerd
afbreek, dan kan die diere die wingerd vreet en plat trap.

6Ek sal die wingerd los. Ek sal nie die takke afknip en die bossies uithaal nie. Dorings
en bossies sal in die wingerd groei, en Ek sal sê die wolke moenie op die wingerd
reën nie.”

7Wie is die wingerd van die Here, die Here wat oor alles regeer? Dit is die Israeliete,
die mense van Juda. Hulle is die Here se tuin. Die Here wou bly wees oor hulle, en
Hy het gewag dat hulle reg moet doen aan ander mense, maar hulle het dit nie
gedoen nie.

Dit sal sleg gaan met die mense wat sonde doen

8Dit sal sleg gaan met julle. Julle hou aan om ander mense se grond te vat, en hulle
het nie nou plek om te woon nie. Net julle het plek in die land.

9Die Here wat oor alles regeer, het vir my gesê: “Die vyande sal die baie
huise verwoes, dit is seker. Daar sal niemand woon in die groot, mooi huise nie.

10Julle sal net ’n bietjie wyn kry van ’n groot wingerd, en julle sal baie saad saai,
maar min koring kry.”

11Dit sal sleg gaan met julle wat vroeg opstaan om te drink, en in die aand wakker bly
sodat die wyn julle warm kan maak.

12Julle luister na die musiek van liere en harpe, tamboeryne en fluite. Julle drink
wyn wanneer julle feesvier, maar julle kyk nie wat die Here doen nie. Julle sien nie
die werk van sy hande nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13My volk wil nie naby My wees nie. Daarom sal die vyande hulle wegvat na ander lande. Die mense en hulle leiers sal sterf, want hulle sal nie kos hê om te eet of water om te drink nie.

14My volk wil nie naby My wees nie. Daarom is die doderyk soos ’n groot dier wat sy bek wyd oopmaak en die mense insluk. Al die mense wat nou skree en juig, sal saam afgaan na die doderyk, ook die belangrike mense.

15Dan sal die hoogmoedige mense nie meer belangrik wees nie.

16Die Here wat oor alles regeer, die heilige God, Hy alleen sal belangrik en heilig wees, want Hy doen reg aan mense, Hy is regverdig.

17Skape sal wei waar die stad was. Hulle sal daar bly soos op die veld waar hulle altyd wei.

18Dit sal sleg gaan met almal wat afgode dien. Hulle trek die sonde na hulle toe met sterk toue.

19Hulle sê: “Die Heilige God van Israel moet gou maak, Hy moet sy werk vinnig doen, ons wil dit sien. Wat Hy besluit het, moet nou gebeur, ons wil dit weet.”

20Dit sal sleg gaan met almal wat sê slegte dinge is goed en goeie dinge is sleg, almal wat maak of die donker lig is en of die lig donker is, almal wat sê bitter is soet en soet is bitter.

21Dit sal sleg gaan met almal wat dink hulle weet baie, almal wat dink hulle is baie slim.

22Dit sal sleg gaan met almal wat dink hulle is sterk mense wanneer hulle wyn drink en hulle bier sterk maak.

23Dan sê hulle die man wat verkeerd gedoen het, is reg, en die man wat reg gedoen het, is verkeerd, omdat mense hulle betaal om dit te sê.

24Daarom sal hulle brand soos kaf, soos gras wat afbrand. Daar sal niks oorbly van hulle nie, want hulle het nie gedoen wat die Here gesê het nie, die Here wat oor alles regeer. Die Heilige God van Israel het met hulle gepraat, maar hulle het gemaak of dit nie belangrik is nie.

25Daarom het die Here baie kwaad geword vir sy volk. Hy het sy hand uitgesteek en hulle geslaan. Die berge het gebewe, en die lyke van die mense het soos vuilgoed in die strate gelê. Maar die Here hou aan om hulle te straf. Hy bly nog kwaad vir hulle.

26Hy swaai sy vlag in die lug en Hy roep ’n volk wat ver is. Hy fluit vir hulle, en hulle kom baie vinnig uit ’n ver land.

27Niemand is moeg nie, nie een van hulle val nie, nie een loop en slaap nie, nie een maak sy belt los nie, nie een se skoenveter breek nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

28Hulle pyle is skerp, hulle maak gereed om met pyl en boog te skiet. Hulle perde se pote is so hard soos klip, die wiele van hulle oorlogkarre draai soos warrel-winde.

29Die vyande is soos leeus wat brul en wat ’n dier vang en wegsleep, en niemand kan die dier red nie.

30Wanneer die vyande daardie dag kom, dan sal dit hard raas soos die see. Die land Israel sal donker wees. Die mense sal swaarkry. Donker wolke sal kom, en dit sal donker word.

Jesaja 6

Hier is ek, stuur my

1Ek, Jesaja, het die Here gesien. Dit was in die jaar toe koning Ussia gesterf het. Die Here het op ’n baie hoë troon gesit en die onderkant van sy klere het die tempel volgemaak.

2Bokant Hom het serafs gestaan. Elke seraf het ses vlerke gehad. Met twee vlerke het hy sy gesig toegemaak, met twee vlerke het hy sy voete toegemaak, en met twee vlerke het hy gevlieg.

3Die serafs het hard vir mekaar gesê: “ Heilig, heilig, heilig is die Here wat oor alles regeer. Hy is oral op die aarde.”

4Die serafs het baie hard gepraat, die deure het gebewe, en die tempel het vol rook geword.

5Ek het gesê: “Dit sal sleg gaan met my! Alles wat ek sê, is onrein, en alles wat my mense sê, is ook onrein. En nou het ek die Koning gesien, die Here wat oor alles regeer.”

6Een van die serafs het na my toe gevlieg. In sy hand was ’n warm vuur-kool, hy het dit met ’n tang gevat van die altaar.

7Hy het aan my mond geraak met die kool en hy het gesê: “Kyk, die kool het aan jou lippe geraak, nou is jou sonde weg, God het jou gereinig.”

8Toe hoor ek die Here praat. Hy het gevra: “Vir wie sal Ek stuur? Wie sal vir Ons ’n boodskap bring na die mense van Juda toe?” Ek het gesê: “Hier is ek, stuur my.”

9Die Here het gesê: “Gaan sê vir hierdie volk: ‘Julle sal hoor en hoor wat Ek sê, maar julle sal nie verstaan nie. Julle sal kyk en kyk, maar julle sal nie weet wat julle sien nie.’

10Jy moet hierdie volk dom maak, jy moet hulle ore laat toegaan. Jy moet hulle oë toemaak, sodat hulle nie kan sien en hoor en verstaan en verander en lewe soos Ek wil hê nie, en sodat Ek hulle nie sal gesond maak nie.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Ek het gevra: “Here, tot wanneer moet ek dit doen?” En Hy het gesê: “Totdat daar
nie meer mense oorbly in die stede nie, totdat daar nie meer mense woon in die
huise nie, totdat daar nie meer koring en vrugte is nie,

12en totdat Ek die mense weggevat het na ’n ver land. Daar sal niks oorbly in die land
nie.

13Die vyande sal alles afbrand wat oorbly in die land, ook as daar net een tiende oor
is. Maar wanneer ’n mens ’n eikeboom of ’n terpentynboom afkap, dan bly staan
daar ’n stuk van die boom se stam in die grond. So sal die gewyde volk ook oorbly.”

Jesaja 7

Die Here sal self vir julle ’n teken gee

1Koning Resin van die land Aram en koning Peka van die land Israel het na Jerusalem
gekom om oorlog te maak teen die stad. Dit was in die tyd toe Agas koning van Juda
was. Agas was die seun van Jotam, en Jotam was die seun van Ussia. Peka was die
seun van Remalja. Maar Resin en Peka en hulle soldate kon nie in Jerusalem inkom
nie.

2Agas, die koning van die nageslag van Dawid, het gehoor dat die Arameërs klaar in
die land Efraim is. Agas en sy mense het baie bang geword. Hulle het gebewe soos
bome in die bos bewe wanneer die wind waai.

3Die Here het vir Jesaja gesê: “Jy en jou seun Sear-Jasub moet na koning Agas toe
gaan. Hy is by die end van die watersloot wat uit die boonste dam kom. Dit is langs
die pad na die plek waar die mense die wol was.

4Jy moet vir Agas sê: Jy moet kalm bly. Jy moenie bang of bekommerd wees omdat
Resin en Peka julle wil aanval nie. Hulle is soos twee stukke vuurmaak-hout wat net
rook, hulle beteken niks.

5Koning Resin en koning Peka het planne gemaak om slegte dinge te doen aan jou.
Hulle het vir mekaar gesê:

6‘Kom ons gaan na Juda en ons oorwin die land en die stad Jerusalem. Dan maak ons
Tabeal se seun daar koning.’

7“Maar die Here sê: Hulle planne sal nie slaag nie. Dit sal nie gebeur nie.

8“Hoekom? Want Resin is nie belangrik nie. Resin is net die hoof van Damaskus, en
Damaskus is die hoofstad van Aram. Jerusalem is nie die hoofstad van Aram nie. “Oor
65 jaar sal die mense van Efraim nie meer lewe nie, hulle sal nie meer ’n volk wees
nie.

9Peka is ook nie belangrik nie. Hy is nie ’n koning van die nageslag van Dawid nie. Hy
is net die hoof van Samaria, en Samaria is die hoofstad van Efraim, Jerusalem is nie

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die hoofstad van Efraim nie. Maar, Agas, as julle nie aanhou glo nie, dan sal julle nie aanhou lewe nie."

'n Seun. Sy naam is Immanuel

10 Die Here het weer vir koning Agas 'n boodskap gestuur.

11 Hy het gesê Jesaja moet vir Agas sê: "Jy mag vir jou God die Here 'n teken vra, enige iets, in die doderyk of in die hemel."

12 Maar Agas het gesê: "Ek sal nie vir die Here 'n teken vra nie, ek wil Hom nie toets nie."

13 Jesaja sê toe: "Luister, julle wat van die nageslag van koning Dawid is, julle maak my moeg, en nou wil julle ook my God moeg maak.

14 Daarom sal die Here self vir julle 'n teken wys. Kyk, die jong vrou verwag 'n baba. Sy sal 'n seun kry en sy sal hom Immanuel noem.

15 Die seun sal dikmelk en heuning eet en hy sal leer om nie slegte dinge te doen nie. Hy sal net doen wat goed is.

16 "Voordat dit gebeur, sal daar nie meer mense wees in die lande van die twee konings vir wie jy bang is nie.

17 Agas, die Here sal julle laat swaarkry, jy en jou volk en jou familie. Daar sal dinge met julle gebeur wat nog nooit gebeur het nie, vandat die land Efraim en die land Juda nie meer een land is nie. Dit sal gebeur wanneer die koning van Assirië kom.

18 "Daardie dag sal die Here fluit vir die vlieë wat ver langs die riviere in Egipte is en vir die bye wat in die land Assirië is.

19 Hulle sal almal kom en gaan sit in die berge en in die grotte in die berge en op al die doringbosse en by al die plekke waar daar water is.

20 "Daardie dag sal die Here 'n skeermes anderkant die Eufraat-rivier huur, en Hy sal al julle hare afskeer: die hare op julle kop en op julle lyf, en ook julle baard. Die skeermes is die koning van Assirië.

21 "Daardie dag sal iemand net vir 'n jong koei en net vir twee skape of bokke kos gee,

22 maar hulle sal baie melk gee, so baie dat die man dikmelk sal hê om te eet. Ja, almal wat aanhou lewe in die land, sal dikmelk en heuning eet.

23 "Daardie dag sal elke plek wat vol wingerdstokke was en wat baie geld gekos het, vol dorings en bossies wees.

24 'n Mens sal daarnatoe kan skiet met 'n pyl en boog, maar hy sal nie self daar kan ingaan nie, want die hele land sal vol dorings en bossies wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Al die berge sal vol dorings en bossies wees, die berge waar die mense voorheen geplant en gesaai het. Die mense sal bang wees om daar te kom. Dit sal ’n plek wees waar die mense hulle beeste injaag en waar die skape en bokke alles plat trap.”

Jesaja 8

Die koning van Assirië sal alles in Damaskus en Samaria vat

1Die Here het vir my gesê ek moet hierdie naam met groot letters skryf: “Vat-Is-Naby-Wegneem-Kom-Gou.”

2Die priester Uria en Sagaria seun van Jeberekja moet kyk en sê ek het dit geskryf.

3My vrou het ’n seun gekry, en die Here het vir my gesê: “Jy moet hom noem ‘Vat-Is-Naby-Wegneem-Kom-Gou,’

4want voordat hierdie seuntjie kan begin praat, sal die koning van Assirië alles in Damaskus en Samaria vat en wegneem.”

Die soldate van Assirië sal oral in die land wees

5Die Here het ook vir my gesê:

6“Hierdie mense van Juda en Jerusalem het bang geword vir koning Resin en koning Peka. Hulle het gedink die klein stroompie water in die watersloot langs Jerusalem is nie belangrik nie.

7Daarom sal Ek die koning van Assirië en al sy soldate bring om teen Jerusalem oorlog te kom maak. Die koning en sy soldate sal wees soos die groot Eufraat-rivier wat baie en sterk water het en oor sy walle vloei.

8Die rivier sal tot in die land Juda vloei en dit sal die hele land toemaak. Die water sal tot by die mense se nekke wees. Ja, julle wat sê ‘God is by ons,’ die soldate van Assirië sal oral in julle land wees.”

God is by ons

9Die volk het gesê: “Julle volke, julle doen slegte dinge, maar julle sal nie weet waarnatoe julle moet vlug nie. Julle wat uit die ver plekke van die aarde kom, julle moet luister. Julle maak gereed om oorlog te maak, maar julle sal nie weet waarnatoe julle moet vlug nie. Dit is seker.

10Julle maak saam planne, julle praat wat julle wil doen, maar julle planne sal nie slaag nie, want God is by ons.”

Julle moenie ook bang wees nie

11Die Here het my, Jesaja, vasgevat met sy sterk hand. Hy het gesê ek moenie doen wat hierdie volk doen nie. Hy het vir my gesê:

12“Hierdie volk sê ander mense maak planne teen hulle, maar julle moenie ook so sê nie. Hulle het geskrik, maar julle moenie ook bang wees nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Julle moet net vir die Here bang wees, die Here wat oor alles regeer. Hy is die heilige God,

14en Hy sal julle beskerm. Maar Hy sal vir Israel en Juda ’n klip wees waarteen hulle stamp en waaroor hulle val. Hy sal vir die mense wat in Jerusalem woon, ’n vangnet wees.

15Baie van daardie mense sal val en in die vangnet vassit, en hulle sal sterf.

Ek sal aanhou wag totdat Hy help

16My leerlinge het gehoor wat ek gesê het en wat ek vir hulle geleer het, maar hulle moenie daaroor praat nie.

17Die Here is nou kwaad vir die nageslag van Jakob, maar ek, Jesaja, sal aanhou wag totdat Hy help, ek sal aanhou hoop.

18Hier is ek en die kinders wat die Here vir my gegee het. Ons is die tekens wat vir die Israeliete wys dat die Here op Sionsberg woon, die Here wat oor alles regeer.

Julle moet weet wat die Here wil hê

19Party mense sê julle moet vir die geeste van dooie mense vra wat julle moet doen. Maar ’n volk moet vir hulle God vra wat hulle moet doen. Hulle moenie vir dooie mense vra wat is goed vir mense wat lewe nie.

20Julle moet weet wat die Here wil hê julle moet doen en julle moet luister na wat Hy vir julle wil sê. Iemand wat nie vir God vra wat hy moet doen nie, sal nie lewe tot die volgende dag nie.

21Hy sal swaarkry en hy sal honger wees, en wanneer hy honger is, dan sal hy kwaad word en hy sal sy koning en sy gode vervloek. Hy sal na die lug

22en na die grond kyk, maar niemand sal hom help nie. Hy sal net swaarkry en dit sal vir hom donker wees. Dit sal baie donker word.

Die koning van vrede

23Maar dit sal nie lank donker wees in die land waar die mense nou swaarkry nie. Voorheen het die Here die land Sebulon en die land Naftali verneder, maar eendag sal Hy dit weer goed laat gaan met hulle. Hy sal weer die pad na die see belangrik maak, ook die land oorkant die Jordaan-rivier en die land waar nou ander volke woon.

Jesaja 9

1Die volk wat in die donker gelewe het, sien ’n groot lig. ’n Lig skyn oor die mense wat gewoon het in ’n land waar dit baie donker is.

2Here, U het die mense baie meer laat word en U het hulle baie bly gemaak. Hulle is voor U so bly soos in die tyd wanneer hulle die koring afsny. Hulle juig soos wanneer hulle gewen het in ’n oorlog en wanneer hulle die vyande se goed vir hulleself vat.

© Bible Society of South Africa.

3Ja, hulle was die vyande se slawe, hulle moes jukke dra, en die vyande het hulle met kieries geslaan. Maar U breek die jukke en die kieries soos daardie dag toe Gideon die Midianiete oorwin het.

4Ja, hulle vat die skoene wat op hulle getrap het en hulle vat die klere van die soldate wat party van hulle mense vermoor het, en hulle verbrand die skoene en die klere.

5Ja, ’n kind is vir ons gebore, die Here het vir ons ’n seun gegee, en die kind sal koning word. Hulle sal hom noem: Die man wat wonderlike planne kan maak, Die man wat oorlog kan maak soos God, Die man wat altyd vader is, Die koning van vrede.

6Hy sal ’n belangrike koning wees, en daar sal altyd vrede wees. Hy sal koning wees soos sy voorvader Dawid, hy sal regverdig wees en hy sal altyd reg doen aan almal. Die Here wat oor alles regeer, sal dit laat gebeur, want Hy sal ons nie los nie.

Die Here het aangehou om hulle te straf

7Die Here het ’n boodskap gestuur vir die Israeliete, die nageslag van Jakob het dit gehoor.

8Die hele volk het dit geweet, die mense van Efraim en die mense wat in Samaria woon. Maar hulle is hoogmoedig, hulle sê:

9“Die mure wat ons van klei gebou het, het omgeval, maar ons sal weer mure bou, ons sal dit van klip bou. Die vyande het die wildevyebome afgekap, maar ons sal sederbome plant.”

10Toe het die Here die vyande van koning Resin beskerm en Hy het vir hulle gesê hulle moet koning Resin aanval.

11Die Arameërs het uit die ooste gekom en die Filistyne uit die weste, en hulle het Israel aangeval. Hulle het die land heeltemal verwoes. Maar dit was nie genoeg vir die Here nie. Hy het kwaad gebly en Hy het aangehou om hulle te straf.

12Maar die volk het nie teruggekom na die Here toe nie. Die Here wat oor alles regeer, het hulle gestraf, maar hulle wou nie naby Hom wees nie.

13Die Here het op een dag die kop en die stert uit die volk Israel uitgesny, die palmtak en die biesie.

14Die leiers en die mense wat naby die koning mag kom, is die kop of die palmtak, en die profete wat leuens vertel, is die stert of die biesie.

15Die mense wat die volk moes lei, het hulle verkeerd gelei, daarom weet die volk nie waarnatoe hulle moet gaan nie.

16Dit is hoekom die Here nie meer hou van die jongmense nie en dit is hoekom Hy nie meer jammer is vir die weduwees en weeskinders nie. Hulle is almal sleg en hulle

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

sê dom dinge, hulle praat nie soos die Here wil hê nie. Maar dit was nie genoeg vir die Here nie. Hy het kwaad gebly en Hy het aangehou om hulle te straf.

17Ja, hulle sonde was soos ’n vuur wat brand. Dit het die dorings en bossies verbrand, dit het die plante in die bos aan die brand gesteek. Die rook het in die lug opgegaan.

18Die Here wat oor alles regeer, was kwaad. Daarom het die vyande die land verwoes, en daarom het die volk geword soos vuurmaak-hout. Hulle is nie jammer vir mekaar nie.

19Soos wilde diere wat alles opvreet, so maak hulle oorlog teen mekaar. Hulle hou nie op nie, hulle word swakker en swakker.

20Die Manasse-stam maak oorlog teen die Efraim-stam en die Efraim-stam maak oorlog teen die Manasse-stam, en hulle maak saam oorlog teen die Juda-stam. Maar dit was nie genoeg vir die Here nie. Hy het kwaad gebly en Hy het aangehou om hulle te straf.

Jesaja 10

1Dit sal sleg gaan met julle wat verkeerde wette maak, wette wat party mense verkeerd laat doen en ander mense swaar laat kry.

2Julle doen nie reg aan die arm mense nie, julle doen nie reg aan die mense wat hulleself nie kan help nie, julle vat die weduwees en die weeskinders se goed.

3Wat sal julle doen wanneer die Here julle straf en dit sleg laat gaan met julle? Na wie toe sal julle hardloop om julle te help? Waar sal julle al julle goed wegsteek?

4Die vyande sal julle vang en julle sal voor hulle moet buig, of julle sal sterf in die oorlog. Maar dit was nie genoeg vir die Here nie. Hy het kwaad gebly en Hy het aangehou om hulle te straf.

Dit sal sleg gaan met die Assiriërs

5Dit sal sleg gaan met die Assiriërs. Hulle was vir My ’n kierie en ’n stok. Ek slaan my volk met die kierie, want Ek is kwaad vir hulle.

6Ek stuur die Assiriërs na hierdie slegte volk toe, na die mense vir wie Ek kwaad is. Die Assiriërs moet my volk se goed vat en op hulle trap soos ’n mens trap op modder in die strate.

7Maar dit is nie genoeg vir die Assiriërs nie, hulle wil mense doodmaak, hulle wil baie volke doodmaak.

8Die koning van Assirië sê: “My amptenare is konings van ander volke.

9Ek het baie stede oorwin: Kalno, Karkemis, Hamat, Arpad, Samaria en Damaskus.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Ek het die afgode se stede oorwin, en daar is meer beelde in die ander stede as in Jerusalem en Samaria.

11Ek sal met Jerusalem en die beelde van sy afgode doen soos ek gedoen het met Samaria en sy afgode."

12Die Here sal die werk klaarmaak wat Hy wil doen op Sionsberg en in Jerusalem, en dan sal Hy die koning van Assirië straf, die koning wat so hoogmoedig is.

13Want die koning van Assirië het gesê: "Ek is sterk en ek is slim, ek het ander mense se lande en goed gevat. Daardie mense is nou my slawe.

14Ek het alles vir myself gevat wat aan die ander volke behoort, en al hulle lande het my lande geword. Dit was soos wanneer iemand eiers uit 'n nes vat maar die voël klap nie sy vlerke nie, en hy maak nie sy bek oop en skree nie."

15'n Byl kan nie spog teen die man wat met die byl kap nie, 'n saag kan hom nie verbeel hy is beter as die man wat met hom saag nie, 'n kierie kan nie die man swaai wat die kierie optel nie, 'n stok kan nie die man optel wat die stok vashou nie.

16Daarom sal die Here die Assiriërs straf. Die Here wat oor alles regeer, sal die vet Assiriërs maer laat word en Hy sal al hulle mooi goed verbrand.

17Die Lig van Israel, die Heilige God van Israel, sal 'n vuur word wat op een dag die dorings en bossies sal verbrand.

18Hy sal ook die mooi bosse en bome verbrand. Dit is al die Assiriërs, almal wat asemhaal en lewe. Hulle sal verdwyn soos iets wat niks beteken nie.

19Assirië is die bos, en daar sal min bome oorbly, 'n kind sal die bome kan tel.

'n Paar mense sal terugkom

20Daardie dag sal die Israeliete wat oorgebly het, die nageslag van Jakob wat nog lewe, ophou dink dat Assirië hulle kan help. Dit was Assirië wat slegte dinge gedoen het aan hulle. Hulle sal weet die Here kan hulle help, die Heilige God van Israel.

21Die mense wat oorgebly het, sal terugkom, die mense van die nageslag van Jakob wat oorgebly het. Hulle sal terugkom na die God wat oorlog kan maak.

22Israeliete, julle was so baie soos die sand by die see, maar min van julle sal oorbly en terugkom. Die Here het besluit baie van julle moet sterf, julle straf kom soos 'n watervloed wat oor alles stroom.

23Die Here wat oor alles regeer, het dit klaar besluit, en Hy sal nie sy plan verander nie. Hy sal al die mense van die land straf.

Julle moenie bang wees vir die Assiriërs nie

24Maar die Here wat oor alles regeer, sê: "My volk wat in Sion woon, julle moenie bang wees vir die Assiriërs nie. Hulle doen slegte dinge aan julle soos die Egiptenaars aan julle voorvaders gedoen het,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25maar dit sal nie lank aanhou nie. Dan sal Ek nie meer kwaad wees vir julle nie. Ek sal kwaad wees vir die Assiriërs en Ek sal hulle almal doodmaak.

26Ek, die Here wat oor alles regeer, sal hulle slaan met ’n sweep soos Ek die Midianiete by die Oreb-rots geslaan het. Ek sal my kierie oor die water uitsteek soos toe Ek die Egiptenaars laat sterf het.

27Wanneer Ek dit gedoen het, dan sal die Assiriërs julle nie meer laat swaarkry nie. Ek sal hulle juk wegvat van julle nek, dan sal julle nie meer hulle slawe wees nie.”

Die Assiriërs kom

28Die Assiriërs kom om oorlog te maak. Hulle kom by die stad Aja, hulle gaan by Migron verby, hulle bêre hulle goed in Mikmas.

29Hulle gaan oor die berge om in Geba te slaap. Die mense van die stad Rama bewe, die mense vlug uit Gibea, die stad van Saul.

30Die mense van Gallim moet skree, die mense van Lajesa moet luister. Die mense van Anatot kan hulleself nie help nie.

31Die mense van Madmena vlug, die mense wat in Gebim woon, probeer wegkruip.

32Môre sal die Assiriërs in die stad Nob wees. Hulle sal met hulle vingers wys na die berg waar Jerusalem is, waar die tempel staan.

33Ja, die Here, die Here wat oor alles regeer, sal die takke afkap. Hy is sterk, Hy sal die groot, hoë bome afkap, dit is die mense wat dink hulle is belangrik.

34Die Sterk God sal die plante in die bos afkap met ’n byl. Hy sal die bome van die Libanon-bos laat omval.

Jesaja 11

’n Kind sal gebore word

1Min mense het oorgebly van die nageslag van Isai. Hulle is soos ’n boom se stam wat oorgebly het in die grond wanneer iemand die boom afgekap het. Maar uit daardie boomstam sal ’n takkie groei en dit sal vrugte dra. ’n Kind sal gebore word en hy sal koning word.

2Die Gees van die Here sal by hom wees. Daarom sal hy wysheid en verstand hê, hy sal weet wat om te doen en hy sal dit kan doen, hy sal naby die Here wees en hy sal Hom dien.

3Hy sal bly wees omdat hy die Here kan dien. Hy sal ’n regter wees wat dieselfde doen aan almal, hy sal nie luister na skinderstories nie.

© Bible Society of South Africa.

4Wanneer die arm mense in die poort kom, dan sal die koning reg doen aan hulle.
Hy sal reg doen aan die mense wat nie belangrik is nie. Hy sal regeer oor almal in die
land, en wanneer mense verkeerd doen, dan sal hy sê hulle moet sterf.

5Hy sal ’n koning wees wat regverdig sal regeer en hy sal eerlik wees.

6Die lam en die wolf sal saam woon. Die luiperd sal by die bokkie lê. Die leeu en die
kalf en die bees sal saam wees, en ’n seuntjie sal vir hulle sorg.

7Die koei en die beer sal saam gras vreet, hulle kleintjies sal bymekaar lê, en die leeu
sal gras vreet soos ’n koei.

8Klein kindertjies sal by slange se gate speel en hulle sal aan die slange vat.

9Die Here sê: “Op my gewyde berg sal niemand verkeerd doen nie, niemand sal iets
breek nie.” Die see is vol water, en so sal die land ook vol mense wees wat naby My
wil wees.

10Daardie dag sal die koning van die nageslag van Isai ’n teken wees vir die volke dat
hulle moet kom. Hulle sal vir die koning vra wat hulle moet doen, en sy woonplek sal
baie mooi wees.

Daar sal ’n pad wees uit Assirië

11Daardie dag sal die Here weer sy hand uitsteek om sy mense vry te maak, sy mense
wat oorgebly het. Hulle sal kom uit die land Assirië, uit die land Egipte, uit die
land Kus, uit die land Elam, uit die land Sinar, uit die land Hamat en uit die lande wat
langs die see is.

12Die Here sal ’n vlag ophou tussen die volke en Hy sal die mense van Israel en Juda
bymekaarmaak. Die vyande het hulle weggevat en hulle oral op die aarde laat woon.

13Die mense van Efraim sal nie meer kwaad wees nie en die vyande van Juda sal
sterf. Die mense van Efraim en die mense van Juda sal ook nie meer kwaad wees vir
mekaar nie.

14Hulle sal saam oorlog maak teen die Filistyne in die weste en hulle sal die mense in
die ooste se goed vat. Hulle sal die Edomiete en die Moabiete oorwin, en hulle sal
oor die Ammoniete regeer.

15Dan sal die Here die punt van die see by Egipte droog laat word en Hy sal sy hand
oor die Eufraat-rivier swaai en ’n stormwind stuur. Dan sal daar net sewe klein
riviertjies oorbly, ’n mens sal deur hulle kan loop.

16Daar sal ’n pad wees uit Assirië vir die Here se mense wat oorgebly het. Dit sal
wees soos toe die Israeliete weggegaan het uit Egipte.

Jesaja 12

Julle sal bly wees en juig

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Jy sal daardie dag sê: “Here, ek wil U prys, want U was kwaad vir my, maar U is nie meer kwaad nie en U het dit weer goed laat gaan met my.

2U is die God wat my sal red. Ek glo dit, en ek sal nie bang wees nie. Die Here maak my sterk en bly. Hy is my Redder.”

3Julle sal bly wees en juig wanneer julle water skep uit die Fontein van redding.

4Julle sal daardie dag sê: “Prys die Here, sê vir almal wie Hy is, vertel vir al die volke wat Hy gedoen het, sê vir hulle Hy is belangriker as alles.

5Sing en prys die Here, want Hy het ’n wonderlike ding gedoen. Sê dit vir al die mense op die aarde.

6Julle wat in Sion woon, julle moet vrolik wees en juig, want die Heilige God van Israel is by julle, en Hy is sterk.”

Jesaja 13

Die tyd is naby wanneer God vir Babel sal straf

1Die Here is kwaad vir die stad Babel. Hy het vir Jesaja gewys wat met Babel sal gebeur. Jesaja was die seun van Amos. Die Here het gesê:

2“Julle moet ’n vlag in die lug hou, julle moet dit doen op ’n berg waar daar nie bome is nie. Julle moet hard skree en die vyande roep, julle moet met die hand vir hulle wys om te kom deur die mooi poorte van die stad Babel.

3Ek, die Here, het self die soldate gekies om vir My te werk, Ek het hulle geroep om oorlog te maak, want Ek is kwaad vir Babel. Hierdie soldate weet Ek is sterk, en hulle is bly.”

4Luister, die soldate raas op die berge, daar is baie soldate. Hulle kom uit baie lande, en hulle is bymekaar, ’n mens kan hoor hulle kom. Die Here wat oor alles regeer, het soldate geroep om oorlog te maak.

5Die Here is kwaad, daarom bring Hy soldate uit ’n ver land om sy werk te doen. Hulle sal die hele land Babel verwoes.

6Julle moet huil, want die dag van die Here is naby. Die Almagtige God kom om alles te verwoes.

7Al die mense sal baie bang word. Hulle hande sal pap hang en hulle harte sal bang word en bewe.

8Hulle sal pyne kry en skrik, hulle sal krom buig soos ’n vrou wat ’n baba kry. Hulle sal kyk na mekaar, en hulle gesigte sal brand van die pyn.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Kyk, die dag van die Here sal kom. Die Here sal nie jammer wees vir die mense van
Babel nie. Hy is kwaad en Hy sal die land Babel verwoes, Hy sal die mense van Babel
doodmaak, hulle is sondaars.

10Ja, die sterre in die lug sal nie skyn nie, die son sal opkom maar die son sal donker
wees, die maan sal nie lig gee nie.

11Die Here sê: “Ek sal die slegte mense in die wêreld straf, die mense wat verkeerd
doen, Ek sal die parmantige en hoogmoedige mense laat sterf, Ek sal die
hoogmoedige en wrede mense hard laat val.

12Die mense wat oorbly, sal baie min wees, hulle sal minder wees as die goud van die
land Ofir.

13“Ek, die Here wat oor alles regeer, is baie kwaad. Die dag sal kom wanneer Ek die
mense van Babel sal straf. Dan sal Ek die hemel skud, en die aarde sal bewe. Ek sal
die aarde uit sy plek skud.

14Al die mense van ander lande sal vlug na hulle eie volke toe en na hulle lande. Dit
sal wees soos wanneer iemand ’n wildsbok skrikmaak, of soos wanneer die skape
weghardloop wanneer niemand hulle oppas nie.

15Die vyande sal elke mens gryp wat hulle kry en hulle sal hom doodmaak.

16Die mense van Babel sal sien hoe die vyande hulle babas doodslaan, hulle goed uit
hulle huise vat en hulle vroue verkrag.

17Ek sal die Mediërs stuur om Babel aan te val. Die Mediërs wil nie silwer of goud hê
nie, hulle wil oorlog maak.

18Hulle sal met hulle pyl en boë die jong soldate van Babel doodskiet, en hulle sal nie
jammer wees vir babas en kinders nie.”

19Babel is die mooiste stad in die wêreld, en sy mense is trots op die stad, maar God
sal die stad verwoes soos Hy die stede Sodom en Gomorra verwoes het.

20Daar sal nooit weer mense in Babel woon nie. Nie een Arabier sal sy tent daar
opslaan nie, en skaapwagters sal nie hulle skape daar laat rus nie.

21 Woestyn-diere sal in Babel lê, uile sal oral in die huise sit, volstruise sal daar
rondloop, en veldgode sal daar dans.

22Hiënas en jakkalse sal huil in die mooi huise waar die mense van Babel feesgevier
het. Die tyd is naby wanneer die Here Babel sal straf. Die stad se dae is verby, die
vyande sal dit verwoes.

Jesaja 14

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Ja, die Here sal weer goed wees vir die Israeliete. Hy sal hulle weer kies om sy volk
te wees en Hy sal hulle in hulle eie land laat woon. Mense uit ander volke sal by die
Israeliete kom woon. Hulle sal saam met die nageslag van Jakob lewe.

2Ander volke sal die Israeliete terugbring na hulle land, en dan sal die mense van die
ander volke slawe en slavinne word van die Israeliete in die land van die Here. Die
ander volke het die Israeliete weggevat uit hulle land, maar nou sal die Israeliete die
mense van daardie volke wegvat uit hulle lande. Die Israeliete sal nou regeer oor die
mense wat slegte dinge gedoen het aan die Israeliete.

Die mense spot met die koning van Babel

3Israeliete, julle sal nie meer swaarkry en soos slawe vir ander mense moet werk nie.
Die Here sal julle swaarkry laat ophou. Wanneer dit gebeur,

4dan moet julle die koning van Babel spot. Julle moet hierdie lied sing en sê: “Die
man wat ons verdruk het, sal nou sterf, ons sal nie meer swaarkry nie.

5Die Here het die stok gebreek van die slegte mense wat regeer het oor ons.

6Die koning van Babel het kwaad geword en hy het volke geslaan, hy het dit weer en
weer gedoen, hy het kwaad geword en op volke getrap, hy was nie jammer vir hulle
nie.

7Maar nou rus die hele aarde, daar is vrede, al die mense begin sing.

8Koning van Babel, die sipresbome en die sederbome op die Libanon-berg is ook bly
omdat jy dood is, want nou kom niemand om hulle af te kap nie.

9Die doderyk onder die aarde bewe wanneer jy kom, die geeste van die leiers van
die aarde word wakker. Die leiers wat gesterf het, die konings wat dood is, klim af
van hulle trone.

10Hulle praat almal, hulle sê: ‘Jy het nou ook swak geword soos ons, jy is nou soos
ons.

11Jy het altyd mooi dinge gekry en jy het geluister na musiek van ’n harp, maar nou
is jy dood, en die wurms vreet jou.

12Jy was soos die môrester, maar jy het uit die lug geval, jy het ander volke oorwin,
maar jy het op die grond geval.’

13Jy het gedink: Ek sal opklim tot in die hemel en ek sal my troon neersit bo die
hoogste sterre, ek sal sit in die vergadering van die gode, daar ver in die noorde.

14Ek sal opklim tot bo die wolke en ek sal word soos die Hoogste God self.

15Maar nou gaan jy af na die doderyk, na die diepste plek in die doderyk.

16Almal wat jou daar sien, sal nader kom en hulle sal kyk na jou. Hulle sal sê: ‘Is dit
die man vir wie die mense in al die lande bang was?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17 Is dit die man wat die aarde soos ’n woestyn laat word het? Is dit die man wat die
stede afgebreek het en die mense weggevat het en hulle nie laat teruggaan het na
hulle huise nie?’

18 Al die konings van die volke is netjies begrawe, elkeen in sy graf,

19 maar die mense het jou nie begrawe nie. Hulle het jou weggegooi soos ’n vrot stuk
hout. Jy lê tussen die dooie mense wat gesterf het in oorlog. Jy is soos ’n lyk waarop
die mense trap. Ander dooie mense lê in grafte wat in rotse is,

20 maar jy is nie saam met hulle nie. Niemand het jou begrawe nie, want jy het jou
land verwoes en jou mense doodgemaak. Niemand sal so ’n slegte man se naam
onthou nie.

21 Julle moet ’n plek gereedmaak waar julle sy seuns kan doodmaak oor alles wat
hulle pa gedoen het. Die aarde sal nie aan hulle behoort nie, en hulle sal nie stede
kan bou oral in die wêreld nie.”

22 Die Here wat oor alles regeer, sê: “Ek sal oorlog maak teen die stad Babel, daar sal
niemand oorbly nie, daar sal nie ’n nageslag wees nie.

23 Ek sal Babel ’n plek maak waar net uile woon, dit sal ’n riet-moeras wees. Ek vee
Babel weg met ’n besem wat alles verwoes.” Die Here wat oor alles regeer, het dit
gesê.

Ek sal die Assiriërs se juk wegvat

24 Die Here wat oor alles regeer, het gesê: “Ek belowe, en alles wat Ek wil doen, sal
gebeur. Dit sal wees soos Ek besluit het:

25 Ek sal die Assiriërs breek in my land, Ek sal hulle trap totdat hulle plat is op my
berge. Ek sal die Assiriërs se juk wegvat van die Israeliete se skouers af, die Israeliete
sal nie meer die juk dra nie.”

26 Dit is wat die Here besluit het oor die hele aarde, dit is wat Hy sal doen met al die
volke.

27 Ja, die Here wat oor alles regeer, het besluit, en Hy sal doen wat Hy wil doen, en
niemand kan Hom stop nie.

Die Filistyne moet bang wees en bewe

28 Die Here is kwaad vir die Filistyne. Dit was in die jaar toe koning Agas gesterf het.

29 Die Here het gesê: “Filistyne, julle moenie bly wees nie. Julle is bly, want die stok
wat vir julle geslaan het, is nou stukkend, maar dit sal baie slegter gaan met julle. Dit
sal wees soos wanneer jy een slang doodmaak en daar kom nog ’n slang, of soos
wanneer jy die slang se eier stukkend trap en daar kom ’n draak uit wat vlieg.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Die Israeliete is arm, maar hulle kinders sal genoeg kry om te eet, hulle sal veilig
wees. Maar, Filistyne, Ek sal julle kinders doodmaak, hulle sal nie kos hê om te eet
nie en hulle sal sterf.

31Die mense in die poorte van die stede moet huil en skree. Al die Filistyne moet
bang wees en bewe, want uit die noorde kom die vyande soos 'n rookwolk, hulle
soldate loop almal saam in rye."

32Wat sal ons sê vir die mense wat boodskappe bring van daardie volk? Ons sal sê:
"Dit is die Here wat Jerusalem gebou het. Sy mense, wat hulleself nie kan help nie, is
veilig daar."

Jesaja 15

Al die mense in Moab roep dat die Here hulle moet help

1Die Here is kwaad vir die Moabiete. Hy het gesê: "Die vyande het die stad Ar-Moab
in een nag verwoes en afgebreek, hulle het ook die stad Kir-Moab in een nag
verwoes en afgebreek.

2Die mense van die stad Dibon gaan na die tempels, hulle gaan na die offer-plekke
om te huil. Die Moabiete huil oor die stede Nebo en Medeba. Hulle het hulle hare
en hulle baard afgeskeer,

3hulle trek rouklere aan op die strate, hulle sit almal en huil op die dakke en op die
oop plekke, hulle is baie hartseer, hulle wil sterf.

4Die mense van die stede Gesbon en Elale roep en vra dat iemand hulle moet help,
die mense van die stad Jahas hoor dit. Daarom bewe die soldate van Moab, hulle
word moedeloos.

5Ek is baie jammer vir die Moabiete, want hulle vlug tot by die stede Soar en Eglat-
Selisija, hulle huil en gaan na die stad Lugit, hulle skree op die pad na die stad
Goronajim omdat hulle land verwoes is.

6Daar is nie meer water by die stad Nimrim nie, die gras het droog geword, daar is
nie meer plante nie, niks is groen nie.

7Daarom vat die Moabiete al hulle goed en dra dit oor die Populier-rivier.

8Al die mense in Moab roep en vra dat iemand hulle moet help, ook die mense in die
stede Eglajim en Beër-Elim.

9Die water van Dibon is vol bloed, maar Ek, die Here, sal dit nog slegter laat gaan met
die mense van Dibon. Ek sal leeus stuur om die Moabiete aan te val, die Moabiete
wat nog lewe en wat oorgebly het in die land."

Jesaja 16

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[1]Moabiete, julle moet vir die koning van die land Juda ’n skaap-ram stuur, julle moet dit uit Sela in die woestyn na Sionsberg stuur.

[2]Die vroue van Moab sal by die driwwe deur die Arnon-rivier kom soos voëltjies wat probeer vlieg wanneer die groot voëls hulle uit die nes geskop het.

[3]Hulle sal vir die mense van Juda vra: “Sê vir ons wat ons moet doen, maak ’n plan, beskerm ons. Julle moet vir ons wees soos ’n donker skaduwee wanneer dit warm is. Julle moet die mense wegsteek wat na julle toe vlug, julle moenie sê waar hulle is nie.

[4]Mense het gevlug uit Moab, julle moet hulle by julle laat woon, julle moet hulle by julle laat wegkruip om hulle te beskerm teen die mense wat hulle wil doodmaak.” Mense van Juda, die mense wat vir julle verdruk het, sal verdwyn. Hulle sal nie aanhou om julle te laat swaarkry en om julle land te vertrap nie.

[5]Die Here wat lief is vir julle, sal dan iemand koning maak van die nageslag van koning Dawid. Dit sal iemand wees wat koning mag wees, iemand wat regverdig regeer en wat weet hoe om reg te doen.

[6]Ons het gehoor dat die Moabiete hoogmoedig en trots is. Hulle dink hulle is wonderlik, maar hulle het niks om oor te spog nie.

[7]Daarom huil die een Moabiet oor die ander een, hulle almal huil, hulle is moedeloos, hulle huil oor die rosyntjies van die stad Kir-Geres,

[8]want die wingerde by die stede Gesbon en Sibma het verdroog. Mense wat regeer oor volke, het dronk geword van die rooi wyn. Die wingerde se ranke het gegroei tot by die stad Jaser, tot in die woestyn. Die ranke het verder en verder gegroei tot verby die see.

[9]Daarom huil ek nou saam met die mense van Jaser oor die wingerd van die stad Sibma, ek huil baie trane saam met die mense van Gesbon en Elale, want daar is nie vrugte en koring waaroor hulle kan sing nie.

[10]Daar is niks vrugte aan die vrugtebome waaroor hulle bly kan wees nie, daar is niks in die wingerd waaroor die mense kan sing nie. Niemand trap druiwe in die parskuipe nie. Die Here sê: “Die mense sal nie meer bly wees oor die vrugte wat hulle gepluk het en oor die koring wat hulle afgesny het nie. Ek het dit gestop.

[11]Ek is baie hartseer oor Moab en Kir-Geres, Ek huil soos ’n lier.

[12]Die Moabiete gaan na die offer-plekke en tempels om te bid en om baie offers te bring, maar dit sal nie help nie.”

[13]Dit is wat die Here voorheen oor Moab gesê het.

© Bible Society of South Africa.

14En nou sê die Here: “Hulle het drie jaar lank swaargekry soos ’n dagloner, nou sal niemand meer dink dat die Moabiete belangrik is nie. Min van hulle mense sal nog lewe en hulle sal niks beteken nie.”

Jesaja 17

Damaskus sal verdwyn

1Die Here was kwaad vir die mense van die stad Damaskus. Hy het gesê Damaskus sal verdwyn, dit sal nie meer ’n stad wees nie, dit sal net ’n hoop klippe wees.

2Die mense sal weggaan uit die stede by Aroër. Skape en bokke sal in die stede lê en rus, en niemand sal hulle skrikmaak nie.

3Daar sal nie stede met sterk mure in Efraim wees, soos voorheen nie, en Damaskus sal nie meer ’n koning hê nie. Dit sal met die mense wat nog lewe in Damaskus, gaan soos met die mense van Israel. Dit sê die Here wat oor alles regeer.

Die mense sal vra die Heilige God moet hulle help

4Daardie dag sal die mense van Israel nie meer sterk wees nie, hulle sal swak en arm wees.

5Dit sal wees soos wanneer iemand in Spook-laagte die koring-are bymekaarvat en afsny en dan al die koring-are bymekaarmaak.

6Maar daar sal ’n paar van die mense van Israel oorbly. Dit sal wees soos wanneer ’n boer die olywe van ’n olyfboom afgeslaan het, en net ’n paar olywe bly oor aan die boonste takkies. Dit sê die Here, die God van Israel.

7Daardie dag sal die mense kyk na die God wat hulle gemaak het, hulle sal vir die Heilige God van Israel vra om hulle te help.

8Hulle sal nie glo dat die altare van die afgode hulle kan help nie, of die gewyde pale of die wierook-altare nie. Dit is altare wat hulle self gemaak het.

9Daardie dag sal die stede wat sterk mure het, leeg wees, so leeg soos die bos toe die ander volke vir die Israeliete gevlug het.

10Ja, Israeliete, julle het weggegaan van die God wat julle gered het, julle het die Rots vergeet by wie julle veilig was. Julle maak mooi tuine en julle plant daar vreemde plante.

11Maar as die plante groot word en blomme kry dieselfde dag wanneer julle hulle plant, dan sal dit ook niks help nie. Wanneer julle siek en swak word, dan sal die plante julle nie gesond maak nie.

Die volke wat nou baie raas, sal vlug

12Dit sal sleg gaan met die baie volke wat nou baie raas. Hulle raas soos die see, hulle raas hard soos baie water.

© Bible Society of South Africa.

13Hulle raas soos die groot branders, maar wanneer die Here kwaai met hulle praat, dan vlug hulle ver weg. Hulle word soos kaf of soos ’n bol gras wat wegwaai in die sterk wind.

14In die aand is almal nog bang vir die volke, maar voordat dit oggend is, is hulle weg. Dit is wat sal gebeur met die mense wat nou ons goed vat.

Jesaja 18

Die lang mense met die blink velle

1Dit sal sleg gaan met die land waar daar so baie insekte is, daar by die riviere in die land Kus.

2Die mense van Kus het mense na Jerusalem gestuur, hulle het oor die water gekom in papirus-bote. Maar hierdie mense wat so vinnig gekom het, moet teruggaan na hulle eie volk toe, na die lang mense met die blink velle, die mense vir wie almal bang is, die mense wat sterk is en wat maklik ander mense aanval. Baie riviere vloei deur daardie mense se land.

3Julle almal wat in die wêreld woon, julle wat op die aarde woon, julle sal sien wanneer iemand op die berge ’n vlag in die lug hou, julle sal hoor wanneer iemand die ramshoring blaas.

4Want die Here het vir my gesê: “Ek sal stil uit my woonplek na alles kyk, stil soos die warm son in die middag, soos ’n miswolk in die somer.

5Maar voordat die mense begin koring afsny, het die wingerdstokke opgehou blom en die groen druiwe begin ryp word. Dan sny die boer die nuwe jong takkies af met ’n snoeimes, hy knip die takkies af wat later gegroei het en hy gooi dit weg.

6Hy los die takkies vir die wilde voëls van die berge en vir die wilde diere. In die somer sit die wilde voëls daar en in die winter lê die wilde diere daar.

7In daardie tyd sal die lang mense met die blink velle weer kom, die mense vir wie almal bang is, die mense wat sterk is en wat maklik ander mense aanval. Baie riviere vloei deur daardie mense se land. Hulle sal presente bring vir die Here wat oor alles regeer, hulle sal dit bring na Sionsberg, die plek van die Here wat oor alles regeer.”

Jesaja 19

Die Egiptenaars

1Die Here was kwaad en Hy het oor Egipte gepraat. Wanneer die Here op ’n vinnige wolk ry en na Egipte kom, dan bewe die gode van Egipte, en word die Egiptenaars bang.

2Die Here sê: “Ek sal die Egiptenaars kwaad maak vir mekaar en hulle sal oorlog maak teen mekaar, broer teen broer, buurman teen buurman. Die een stad sal

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

oorlog maak teen die ander stad, en die een deel van die land teen die ander deel van die land.

3Die Egiptenaars sal nie weet wat om te doen nie, Ek sal hulle planne laat misluk. Hulle sal vir die afgode vra wat om te doen, en vir die mense wat met geeste praat.

4Ek sal die Egiptenaars vir ’n wrede koning gee, ’n kwaai koning sal oor hulle regeer.” Dit sê die Here, die Here wat oor alles regeer.

5Daar sal nie meer water in die Nyl-rivier wees nie,

6die waterslote sal stink wanneer daar nie meer water is nie, en wanneer die riete en biesies droog word.

7Die plante sal doodgaan langs die Nyl-rivier en by die plek waar die rivier in die see vloei. Alles wat die mense langs die Nyl gesaai het, sal droog word, dit sal wegwaai en verdwyn.

8Die mense wat vishoeke en visnette in die Nyl-rivier gooi, sal huil en treur, die vissermanne sal sterf, want hulle sal nie kos hê om te eet nie.

9Die mense wat met vlas werk en wat dit kam om linne te maak, sal niks vlas hê om te kam nie.

10Die mense wat lappe weef om klere te maak, sal net daar sit, die mense wat moet werk om geld te kry, sal niks hê nie.

11Die amptenare in die stad Soan, die raadgewers van die farao, is dwase, hulle help nie die farao om reg te besluit nie. Hulle kan nou nie meer vir die farao sê dat hulle slim is en dat hulle die kinders is van die konings van lank gelede nie.

12Daar is nie wyse mense in Egipte nie, hulle kan nie vir die farao sê wat die Here met Egipte wil doen nie, die Here wat oor alles regeer.

13Die amptenare van die stede Soan en Nof is dom, hulle weet nie wat om te doen nie. Hulle is die leiers van stamme, maar hulle het die mense van Egipte verkeerd laat doen.

14Dit is die Here wat die amptenare deurmekaar gemaak het, en die amptenare het die Egiptenaars verkeerd laat doen. Die Egiptenaars val soos dronk mense wat naar word en opgooi en daarin trap.

15Die Egiptenaars weet nie wat om te doen nie, die leiers weet nie, en die slawe weet ook nie.

Die Egiptenaars en die Assiriërs sal die Here dien

16Eendag sal die Egiptenaars so bang wees soos vroue. Hulle sal skrik en bewe wanneer die Here begin om hulle te straf, die Here wat oor alles regeer.

© Bible Society of South Africa.

17Die Egiptenaars sal bang wees vir die mense van Juda. Hulle sal skrik wanneer hulle hoor van die land Juda. Die Egiptenaars sal bang wees wanneer hulle hoor wat die Here met hulle wil doen, die Here wat oor alles regeer.

18Daardie dag sal die mense van vyf stede in Egipte die taal praat van die mense in die land Kanaän, en wanneer hulle iets belowe, dan sal hulle die Naam van die Here noem, die Here wat oor alles regeer. Een van die stede se naam sal wees: Die-Stad-Wat-Verwoes-Is.

19Daardie dag sal daar in Egipte ’n altaar vir die Here wees, en op die grens van Egipte sal ’n klip-paal vir die Here wees.

20Dit sal in Egipte die teken wees dat die land behoort aan die Here wat oor alles regeer. Wanneer die Egiptenaars swaarkry omdat mense hulle verdruk, dan sal die Here iemand stuur om hulle te red, en hy sal hulle help en vrymaak.

21Die Here sal vir die Egiptenaars sê wie Hy is, en hulle sal Hom leer ken. Hulle sal diere vir Hom offer en ete-offers bring, hulle sal vir die Here dinge belowe en hulle sal dit doen.

22Die Here sal die Egiptenaars straf, maar daardie straf sal hulle gesond maak. Hulle sal verander en lewe soos die Here wil hê. Hy sal luister wanneer hulle bid, en Hy sal hulle gesond maak.

23Daardie dag sal daar ’n pad van Egipte tot by Assirië wees. Die Assiriërs sal in Egipte kom en die Egiptenaars sal in Assirië kom. Hulle sal saam die Here dien.

24Daardie dag sal die Israeliete ook so belangrik wees soos die Egiptenaars en die Assiriërs, en daarom sal die Here die mense van die aarde seën.

25Die Here wat oor alles regeer, sal hulle seën en sê: “Dit sal goed gaan met my volk Egipte, dit sal goed gaan met Assirië wat Ek gemaak het, dit sal goed gaan met Israel wat aan My behoort.”

Jesaja 20

Jesaja moet wys wat sal gebeur met die lande Kus en Egipte

1Koning Sargon van Assirië het sy hoof-offisier na die stad Asdod gestuur, en die hoof-offisier het die stad oorwin.

2In daardie tyd het die Here vir Jesaja gestuur om ’n boodskap te bring. Jesaja was die seun van Amos. Die Here het vir Jesaja gesê: “Gaan trek uit jou rouklere en jou skoene.” Jesaja het dit gedoen. Hy het kaal en sonder skoene geloop.

3Die Here het toe gesê: “My dienaar Jesaja het drie jaar lank kaal en sonder skoene geloop, en dit was ’n teken wat gewys het wat sal gebeur met die lande Egipte en Kus.

© Bible Society of South Africa.

4Die koning van Assirië sal die mense van Egipte en Kus vang en wegvat, die jongmanne en die oumanne. Hulle sal kaal wees en sonder skoene, en die Egiptenaars sal skaam wees oor hulle kaal liggame.

5Die mense wat gedink het die mense van Kus en Egipte sal hulle help, sal weet hulle kan nie help nie.

6Die mense wat langs die see woon, sal daardie dag sê: 'Kyk wat het gebeur! Ons het gedink die mense van die lande Kus en Egipte sal ons kan help teen die koning van Assirië, maar nou weet ons dat ons nie vry sal word nie.' "

Jesaja 21

Babel se mure het geval

1Die Here was kwaad en Hy het gepraat teen die land in die woestyn. Die vyande kom uit die woestyn soos stormwinde wat alles wegwaai in die Suid-land. Die vyande kom van daardie land, en almal is bang vir die mense van die land.

2Ek het gesien daar gaan 'n vreeslike ding gebeur. Ek het gesien mense verraai vir Babel en hulle verwoes die land. Kom, mense van Elam en Medië, julle moet kom, en julle moet die stad aanval van al die kante. Die Here wil hê die swaarkry moet ophou.

3Wanneer ek hoor en sien wat sal gebeur, dan kry ek pyne soos 'n vrou wat 'n baba kry, ek buig krom en ek skrik.

4Ek weet nie wat om te doen nie, ek word baie bang. Ek was altyd bly wanneer dit aand word, maar nou is ek bang wanneer die donker kom.

5Ek sien die bediendes dek die tafel en gooi die matte oop, en die amptenare van Babel eet en drink. En dan roep iemand en hy sê: "Staan op, amptenare, smeer julle skilde met olyf-olie."

6Ja, die Here het vir my gesê ek moet 'n wag op die muur laat staan, en hy moet kyk en vertel wat hy sien,

7en wanneer hy oorlogkarre sien met perde of donkies of kamele, dan moet hy baie goed kyk.

8Die wag het gesê: "Meneer, ek het die hele dag en die hele nag gekyk.

9Ek sien daar kom 'n oorlogkar met perde, en daar is mense op die oorlogkar." Toe die wag weer praat, het hy gesê: "Die mure van Babel het omgeval! Al die afgodsbeelde van die stad lê stukkend op die grond."

10My volk, die vyande het op julle getrap soos 'n mens die koring op die dorsvloer trap. Ek het vir julle gesê wat ek gehoor het by die Here wat oor alles regeer, die God van Israel.

© Bible Society of South Africa.

Die Edomiete

11Die Here is kwaad vir die Edomiete. Hy het oor hulle gepraat. Iemand praat met my
uit Seïr. Hy vra vir die wag: “Wanneer is die nag verby, wanneer is die nag verby?”

12Die wag het geantwoord: “Die môre kom, en die nag sal ook weer kom. As jy weer
wil vra, dan kan jy weer kom en weer vra.”

Die Arabiere

13Die Here is kwaad vir die Arabiere. Hy het gesê: “Julle, handelaars wat van die land
Dedan kom, julle moet in die bos slaap in Arabië.

14Julle wat in die land Teman woon, julle moet water bring vir die mense wat dors is
en julle moet brood gee vir die mense wat vlug.

15Hulle vlug vir die swaarde, vir die swaard en die pyl en boog van hulle vyande.
Hulle vlug weg van ’n wrede oorlog.”

16Ja, die Here het vir my gesê: “Oor ’n jaar sal die mense van die land Kedar nie meer
ryk wees nie. In hierdie jaar sal hulle so swaar kry soos ’n dagloner.

17Min soldate van Kedar sal nog lewe.” Ja, die Here, die God van Israel, het dit gesê.

Jesaja 22

Die Here praat teen Jerusalem

1Die Here is kwaad. Hy het gepraat teen die vallei waar Hy vir die profete gewys het
wat sal gebeur. Hoekom het al jou mense nou op die huise se dakke geklim?

2Jy was ’n stad waar die mense altyd geraas het, jou mense het aangehou praat en
lag. Jou mense wat gesterf het, het nie in oorlog gesterf nie.

3Jou leiers het almal gevlug. Hulle het nie oorlog gemaak nie, maar die vyande het
hulle gevang. Die vyande het al jou mense gevang, daar ver waar hulle weggevlug
het.

4Daarom het ek gesê: “Moenie na my kyk nie, ek wil huil. Die vyande het slegte dinge
gedoen aan my volk, maar moenie probeer om my te troos nie.”

5Die Here het dit laat gebeur, die Here wat oor alles regeer. Die mense in die stad
het heen en weer gehardloop, hulle het nie geweet waarnatoe hulle kan gaan nie,
die vyande het alles plat getrap en hulle het die mure afgebreek. Die mense het
gevra dat die Here hulle moet help, die Here wat woon in sy tempel op die berg, hier
by die vallei waar die Here vir die profete gewys het wat sal gebeur.

6Die Elamiete het gekom met pyl en boog, hulle het op oorlogkarre gery, perde het
die oorlogkarre getrek. Die mense van die land Kir het hulle skilde gereedgehou om
oorlog te maak.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Daar was oorlogkarre en perde in die valleie rondom die land Juda, en hulle het by die poorte van die stede kom staan.

8Die vyande het Juda maklik aangeval. Daardie dag het die mense in Jerusalem gekyk hoeveel wapens in die houthuis is,

9en hulle het gesien daar is baie gate in die muur van Jerusalem, die stad van Dawid.

10Hulle het die huise in Jerusalem getel en hulle het party huise afgebreek. Hulle het die klippe gebruik om die muur van die stad sterk te maak,

11en hulle het ’n dam gemaak tussen die twee mure van die stad. Die water van die ou dam het in hierdie dam gevloei. Maar hulle het nie vir God gevra om hulle te help nie, God wat dit alles laat gebeur het, Hy wat lank gelede besluit het dat dit so moet wees.

12Die Here wat oor alles regeer, wou daardie dag hê dat hulle moet huil en treur, dat hulle almal hulle hare en baarde moet afskeer en rouklere moet aantrek.

13Maar hulle was vrolik en bly, hulle het beeste en skape geslag, hulle het vleis geëet en wyn gedrink. Hulle het gesê: “Kom ons eet en drink, want môre sterf ons.”

14Die Here wat oor alles regeer, het vir my gesê: “Ek sal hierdie sonde nie vergewe nie, so lank soos hulle lewe.”

Sebna en Eljakim

15Die Here, die Here wat oor alles regeer, het gesê: “Jy moet na Sebna toe gaan. Hy is die belangrike amptenaar wat moet kyk dat alles in die paleis van die koning goed gaan. Jy moet vir hom sê:

16‘Wat doen jy hier? Nie een van jou mense het hier ’n graf nie, maar jy kap vir jouself ’n graf hier hoog in die rots. Jy verbeel jou jy is belangrik,

17-18maar almal in die paleis van jou koning is skaam oor wat jy doen. Die Here sal jou nou weggooi, ver weg. Hy sal jou gryp en Hy sal jou rol totdat jy ’n ronde bol is. Dan sal Hy jou rol tot in ’n ver land, en daar sal jy sterf. Jy is trots op jou oorlogkarre, maar die vyande sal hulle verwoes.

19Die Here sal jou uitskop uit jou werk, Hy sal jou wegjaag.’

20“Die Here het ook gesê: ‘Daardie dag sal Ek my dienaar Eljakim roep, die seun van Gilkija.

21Ek sal jou rok vat en Ek sal dit vir hom aantrek en jou nekdoek om hom vasmaak en Ek sal jou werk vir hom gee. Hy sal soos ’n pa wees vir die mense van Jerusalem en Juda.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Ek sal vir hom die sleutels gee van die paleis van die koning van die nageslag van Dawid. As hy iets oopsluit, dan sal niemand dit kan toesluit nie, en as hy iets toesluit, dan sal niemand dit kan oopsluit nie.

23Hy sal soos ’n stok wees wat Ek op die regte plek in die muur inslaan, en sy familie sal baie trots wees op hom.

24Maar sy hele familie sal wil hê dat hy moet sorg vir hulle almal, vir die kinders en vir die grootmense. Dit sal wees soos wanneer jy al die potte en panne ophang aan die stok.

25Maar dan breek die stok, en alles wat daaraan gehang het, val op die grond.’ Dit het die Here gesê, die Here wat oor alles regeer.”

Jesaja 23

Die Here praat teen Tirus

1Die Here was kwaad vir die mense van die stad Tirus en Hy het teen hulle gepraat. Manne op die skepe van Tarsis, julle moet huil, want Tirus is verwoes. Daar is nie meer huise nie en daar is nie meer ’n hawe vir die skepe nie. Julle het dit gehoor toe julle teruggekom het uit Kittiër-land.

2Julle wat langs die see woon, julle moet stil wees. Die handelaars van Sidon het julle ryk gemaak.

3Hulle het uit Egipte koring oor die see na Tirus gebring en hulle het dit aan baie volke verkoop.

4Mense van Sidon, julle weet nie wat om te doen nie, want die stad wat sterk mure het, die stad by die see, het gepraat en gesê: “Ek het nooit kinders gekry nie, ek het nie jongmans en dogters grootgemaak nie.”

5Wanneer die Egiptenaars dit hoor, dan sal hulle skrik oor wat met Tirus gebeur het. Hulle sal sê:

6“Julle wat langs die see woon, julle moet na Tarsis gaan, julle moet huil.

7Is dit die stad waar die mense vrolik was? Is dit die stad wat al so lank daar is? Is dit die stad van waar mense gegaan het en op ver plekke gaan woon het?

8Wie het besluit dit moet met Tirus gebeur? Tirus het konings gekies en aangestel om te regeer. Tirus se handelaars was prinse, hulle was die belangrikste mense op die aarde.”

9Die Here wat oor alles regeer, Hý het dit besluit. Hy het besluit om hoogmoedige mense te straf,

© Bible Society of South Africa.

10om die belangrike mense van die aarde te verneder. Mense van Tirus, julle moet
nou in die grond werk soos die Egiptenaars, want daar is nie meer ’n hawe vir julle
skepe nie.

11Wanneer die Here sy hand uitsteek oor die see, dan bewe die konings en hulle
mense. Die Here het gesê die vyande moet die stede verwoes in die land van die
Fenisiërs, die stede wat sterk mure het.

12Die Here het gesê: “Sidon, jy sal nie meer vrolik wees en feesvier nie. Die vyande
sal jou verwoes. Gaan na die Kittiërs toe. Maar jy sal ook nie daar kan rus nie.

13Kyk wat het gebeur met die mense van Babel, hulle is nie meer ’n volk nie. Die
Assiriërs het oorlog gemaak teen die stad en hulle het die mooi huise verwoes. Babel
is nou net ’n hoop grond, ’n plek waar woestyn-diere woon.

14Die manne op die skepe van Tarsis moet huil, want Tirus is verwoes, die stad waar
hulle veilig was in die storms.”

15In daardie tyd sal die mense vir Tirus 70 jaar lank vergeet. Dit is so lank soos ’n
koning lewe. En wanneer die 70 jaar verby is, dan sal Tirus wees soos die slegte vrou
van wie hulle in die lied sing. Die woorde van die lied is:

16Die mense het jou vergeet, slegte vrou. Neem jou lier en loop deur die stad, speel
mooi op die lier en sing baie, dan sal die mense weer weet dat jy daar is.

17Wanneer die 70 jaar verby is, dan sal die Here weer vir Tirus sorg. Die mense van
die stad sal weer dinge koop en verkoop by al die volke van die wêreld,

18maar hulle sal nie hulle geld in die stad bêre nie. Die geld sal aan die Here behoort,
en die mense wat die Here dien, sal vir hulleself genoeg kos en mooi klere kan koop.

Jesaja 24

Die Here sal die aarde verwoes

1Die Here sal die aarde verwoes, en dit sal nou gebeur, Hy sal die aarde verwoes, Hy
sal dit omgooi, Hy sal die mense op die aarde wegjaag na al die kante toe.

2Dit sal met al die mense gaan soos met die priesters, dit sal met die slawe
en slavinne gaan soos met hulle eienaars. Dit sal met die mense wat goed verkoop,
gaan soos met die mense wat goed koop. Dit sal met die mense wat geld geleen het,
gaan soos met die mense wat geld vir ander mense geleen het. Dit sal met die mense
wat geld skuld, gaan soos met die mense vir wie hulle geld skuld.

3Die mense sal die land verwoes en hulle sal mekaar se goed vat, want die Here het
gesê dit moet gebeur.

4Die plante op die aarde sal droog word en verlep, die hemel sal droog word saam
met die aarde.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Die mense in die land het die land ontwy, want hulle het nie gedoen wat die Here wil hê nie. Hulle het die verbond gebreek wat vir altyd moes aanhou.

6Daarom sal dit sleg gaan met die mense in die land, die Here sal hulle straf. Daarom sal die mense in die land minder word en daar sal min mense oorbly.

7Die wingerde sal droog word en daar sal nie wyn wees nie. Al die mense sal huil, die mense wat altyd vrolik was nadat hulle wyn gedrink het.

8Daar sal nie meer vrolike musiek van tamboeryne en liere wees nie. Die mense wat feesgevier het en geraas het, sal stil wees.

9Hulle sal nie meer wyn drink en sing nie, en die bier sal bitter smaak.

10Die stad sal net ’n hoop klippe wees, daar sal nie mense woon nie, die huise sal tóé wees, niemand sal daar kan ingaan nie.

11Op die strate sal die mense huil omdat daar nie wyn is nie. Niemand sal vrolik wees nie, niemand op die aarde sal vrolik wees nie.

12Alles in die stad sal verwoes wees, die poorte sal stukkend lê.

13Ja, so sal dit wees tussen die volke op die aarde: Die volke sal min wees. Hulle sal so min wees soos die paar trossies druiwe wat oorbly wanneer mense klaar druiwe gepluk het of soos die paar olywe wat oorbly wanneer die mense klaar olywe afgeslaan het.

Ons sal hoor die mense sing oral op die aarde

14Die mense wat oorgebly het, sal begin sing, die mense in die weste sal juig omdat die Here Koning is.

15Daarom sal die mense in die ooste ook die Here eer, die mense in die lande by die see sal die Naam van die Here prys, die Here, die God van Israel.

16Ons sal hoor die mense sing oral op die aarde. Ons sal hoor hulle prys die Regverdige God.

Die Here sal almal straf

Maar ek, die profeet, sê dit gaan sleg met my, baie sleg. Die mense verraai mekaar, hulle hou nie op om mekaar te verraai nie.

17Julle wat op die aarde woon, julle sal baie bang word, julle sal in vang-gate val en hulle sal julle met vangnette vang.

18Wanneer een van julle bang word en vlug omdat die vyande raas, dan sal hy in die vang-gat val, en wanneer hy uit die gat klim, dan sal hulle hom met ’n vangnet vang. Ja, en dit sal baie reën, en die aarde sal bewe.

19Die aarde sal stukkend breek, die aarde sal stukkend skeur, die aarde sal heen en weer skud,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20die aarde sal loop soos ’n dronk mens. Dit sal maklik breek, soos ’n huisie van takke
wat iemand gebou het om net een nag daar te slaap. Die sonde van die aarde sal te
swaar wees om te dra. Die aarde sal val en nie weer opstaan nie.

21Daardie dag sal die Here almal in die hemel straf en ook al die konings op die
aarde, almal wat dink hulle is sterk.

22Hy sal hulle bymekaarmaak en in ’n tronk toesluit, in ’n put. Ná baie dae sal Hy
hulle straf.

23Die maan en die son sal ophou skyn wanneer die Here koning word op Sionsberg
en in Jerusalem. Hy sal vir die leiers wys Hy is die Koning.

Jesaja 25

U was vir die arm mense soos ’n plek waar hulle veilig is

1Here, U is my God, ek sal U loof en u Naam prys, want U het ’n wonderwerk
gedoen, U het gedoen wat U lank gelede besluit het. U het dit besluit en U het dit
gedoen.

2Ja, U het die groot stad verwoes. Die stad wat die sterk mure gehad het, is nou ’n
hoop klippe. Die sterk stad van die vyande is nie meer ’n stad nie, niemand sal die
stad weer bou nie.

3Daardie volk wat sterk was, sal nou vir U eer, die wrede mense van daardie stad sal
bang wees vir U,

4-5want arm mense wat probleme gehad het, kon na U toe vlug. Wrede mense het
ons aangeval. Hulle asem was soos ’n reën-storm in die winter, dit was soos die son
wat brand in die droë woestyn. Maar U was vir die arm mense soos ’n plek waar
hulle veilig was in die reën-storm. U was soos ’n skaduwee wanneer die son hulle
brand. U het die wrede vyande laat ophou raas en juig, dit was soos wanneer ’n wolk
’n skaduwee maak en die son ophou brand.

Die Here sal die trane afvee

6Die Here wat oor alles regeer, sal op hierdie berg ’n groot fees hou. Daar sal die
lekkerste kos en die oudste wyn wees, vleis met murg in die bene, en skoon wyn.

7Die Here sal op hierdie berg die lap stukkend skeur, die lap wat al die volke
toegemaak het.

8Hy sal die dood vir altyd wegvat, ja, die Here sal die trane afvee van al die mense se
gesigte. Niemand op die hele aarde sal aanhou om sy volk te spot nie. Die Here het
dit gesê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Daardie dag sal die mense sê: “Kyk, ons God is hier. Ons het geglo Hy sal ons red, en
Hy het dit gedoen. Hy is die Here, ons glo in Hom. Ons wil juig en vrolik wees, want
Hy het ons gered.

10Ja, die hand van die Here sal hierdie berg beskerm. Maar Hy sal op die Moabiete
trap totdat hulle plat is daar waar hulle is, soos ’n mens ’n hoop kaf plat trap in
water in ’n gat waar hulle die mis weggooi.

11Die Moabiete sal met hulle hande in die water roei soos iemand wat wil swem.
Hulle sal hulleself probeer red, maar die Here sal hulle ondertoe druk.

12Moabiete, die Here sal die sterk mure van julle stad omgooi, die mure sal op die
grond val en dit sal in die stof lê.”

Jesaja 26

Hierdie volk weet dat die Here hulle sal help

1Eendag sal die mense van Juda hierdie lied sing in hulle land. Hulle sal sê: “Ons het
’n sterk stad. Die Here het die sterk mure gebou om ons te beskerm.

2Julle moet die poorte oopmaak sodat die volk kan ingaan, die volk wat doen wat
die Here wil hê, die volk wat gehoorsaam is aan Hom.

3Hierdie volk weet dat die Here hulle sal help. U sal hulle laat rus en vrede vir hulle
gee, want hulle glo in U.

4Julle moet altyd in die Here glo, want as julle by Hom is, dan is julle by ’n rots wat
altyd vas staan.

5Die Here het ons vyande laat afval van hulle hoë mure. Hy het hulle stad en die hoë
mure afgebreek tot op die grond.

6Die mense wat hulleself nie kon help nie en wat arm was, trap nou op daardie stad.”

U sal oor ons regeer en vir ons vrede gee

7Die mense wat reg doen, se pad is gelyk. Here, U maak dit vir hulle maklik om te
lewe.

8Ons glo altyd in U, ook wanneer U die Regter is. Ons wil altyd u Naam noem en
U eer.

9Ek verlang na U met my hele hart, ook in die nag, en ek soek na U. Wanneer U die
Regter is en U straf die mense, dan leer U vir hulle om reg te lewe op die aarde.

10Maar wanneer U goed is vir die mense wat verkeerd doen, dan leer hulle nie om
reg te lewe nie. Hulle hou aan om verkeerd te doen en hulle sien nie dat die Here die
Koning is nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11U het u hand opgelig om hulle te straf, maar hulle sien dit nie. Here, wys vir hulle
dat U lief is vir u volk. Laat u vyande in die vuur brand wanneer U kwaad word, sodat
hulle sal weet hulle kan self niks doen nie.

12Here, U sal oor ons regeer en vir ons vrede gee, want dit is U wat alles gedoen het
wat ons gedoen het.

13Here, ons God, ander konings het oor ons regeer, maar ons wil net ú Naam onthou.

14Die ander konings is dood en hulle sal nie weer lewe nie. U het hulle gestraf en U
het hulle laat sterf, en niemand dink nou nog aan hulle nie.

15Here, U het u volk baie laat word, U het hulle baie laat word, U het hulle land
groter gemaak, U het gewys U is die Koning.

Die mense wat aan U behoort, sal lewe

16Here, U het u volk gestraf, en toe hulle swaarkry, het hulle na U toe gekom, hulle
het gebid en gevra U moet hulle help.

17Ons was soos ’n vrou wat ’n baba kry, dit was seer, ons het baie pyn gehad. Ons
het gebid en gevra U moet ons kom help.

18Ons liggaam het krom gebuig soos ’n vrou wat ’n baba kry, maar daar het nie ’n
baba uit ons gekom nie, daar het niks uitgekom nie. Daar het nie ’n redder uit ons
gekom nie, en ook nie mense wat op die aarde kan woon nie.

19Maar die mense wat aan U behoort en wat gesterf het, sal weer lewe. Ja, julle wat
nou dood is, wat in die stof van die aarde lê, julle wat daar in die doderyk is, julle
moet wakker word en juig, want soos die dou uit die lug die plante laat groei, so sal
die aarde die mense wat gesterf het, weer laat lewe.

Die Here sal nou die mense op die aarde straf

20My volk, julle moet in julle kamers ingaan en julle moet die deure agter julle
toesluit. Julle moet wegkruip totdat die Here die ander mense klaar gestraf het.

21Want die Here kom uit sy woonplek, Hy sal nou die mense op die aarde straf
omdat hulle baie sonde gedoen het. Die mense sal moet sê dat hulle ander mense
vermoor het, hulle sal nie daaroor kan stilbly nie.

Jesaja 27

1Daardie dag sal die Here die vinnige slang doodmaak. Hy sal die Leviatan
doodmaak, die slang wat rondswem, die monster in die see. Die Here sal sy skerp,
groot, sterk swaard vat en Hy sal die slang doodkap.

My volk moet vrede maak met My

2Daardie dag moet julle sing oor die mooi wingerd van die Here, julle moet sing oor
sy volk.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Ek, die Here, pas my wingerd op, Ek gee die wingerd altyd water. Ek pas die wingerd elke dag en nag op, sodat niemand dit kan verwoes nie.

4Ek is nie meer kwaad nie, maar wanneer Ek dorings en bossies in my wingerd kry, dan trap Ek self die wingerd plat en Ek steek dit aan die brand, en ook die dorings en bossies.

5As my volk nie wil hê Ek moet dit doen nie, dan moet hulle vrede maak met My. Hulle moet vrede maak met My en hulle moet in my tempel kom vra dat Ek hulle moet beskerm.

6Die tyd sal later kom wanneer die mense van Israel soos bome sal wees wat wortels het en wat blomme en vrugte dra. Die vrugte sal baie wees, die aarde sal vol vrugte wees.

7Die Here het die mense van Israel gestraf, maar Hy het hulle vyande nog meer gestraf. Hy het party van die mense van Israel doodgemaak, maar Hy het nog meer van hulle moordenaars doodgemaak.

8Die Here straf die mense van Israel op ’n ander manier, Hy het hulle weggestuur uit hulle land. Toe die warm oostewind waai, het die Here hulle weggewaai met ’n sterk wind.

9Daarom, as die mense van Israel nou wil hê dat die Here hulle sonde moet vergewe, dan moet hulle al die altare stukkend slaan. Hulle moet dit fynslaan soos wanneer ’n mens kalk-klip fynstamp. Daar moenie meer gewyde pale en wierook-altare wees nie.

Eendag sal die Here julle bymekaarmaak

10Die mense van Israel moet die altare stukkend slaan, want die stad is nou alleen, die stad wat die sterk mure het. Daar woon nie meer mense nie, dit is so leeg soos die woestyn. Daar wei beeste wat die bossies vreet.

11Die bome se takke is droog, vroue breek dit af en hulle maak vuur. Dit het gebeur met die mense van Israel. Hulle wou nie lewe soos die Here wou hê nie, daarom was hulle Maker nie jammer vir hulle nie. Hy is nie meer goed vir hulle nie.

12Maar, mense van Israel, eendag sal die Here julle bymekaarmaak van die Eufraat-rivier tot by Egipte-spruit. Hy sal julle optel soos ’n mens koring-are optel, Hy sal een na die ander optel, nie almal saam nie.

13Daardie dag sal iemand die groot ramshoring blaas. Al die mense van Israel wat oral in Assirië en Egipte is, sal kom en hulle sal voor die Here buig op die gewyde berg in Jerusalem.

Jesaja 28

Dit sal sleg gaan met die stad Samaria

© Bible Society of South Africa.

1Dit sal sleg gaan met die stad Samaria. Die mense van Efraim wat altyd dronk is, is
trots op Samaria. Die stad is op ’n berg bokant ’n vrugbare vallei, en dit is ’n mooi
stad. Maar dit sal word soos ’n blom wat droog word en afval.

2Die Here sal nou iemand stuur wat sterk is en wat kan doen wat hy wil. Hy sal kom
soos ’n hael-storm, ’n stormwind wat alles verwoes. Hy is soos ’n groot reën-storm
en hy sal die stad verwoes.

3Die dronk mense van Efraim is nou trots op hulle stad, maar ander mense sal met
hulle voete trap op die stad.

4Hierdie stad wat op ’n berg is bokant ’n vrugbare vallei, hierdie mooi stad sal word
soos ’n blom wat droog word en afval. Die stad sal word soos die eerste vy wat ryp
word: Iemand sien die vy en hy pluk dit en sluk dit in.

5Die mense wat oorgebly het van die volk van die Here, sal daardie dag trots wees op
Hom, hulle sal trots wees op die Here wat oor alles regeer.

6Hy sal vir hulle leer om in die poort reg te besluit oor mense. Hy sal die mense sterk
maak wat die vyande moet keer wat in die stad wil inkom.

Die Here sal nou praat met hierdie volk

7Die priesters en die profete is ook dronk. Hulle het wyn en bier gedrink en hulle
loop val-val. Hulle weet nie wat hulle doen nie, hulle weet nie waar hulle is nie. Die
Here wys vir hulle wat sal gebeur, maar hulle loop val-val. Hulle moet sê wat is reg,
maar hulle kan nie regop staan nie.

8Hulle word naar en gooi op en mors op al die tafels in die tempel.

9Hulle sê: “Ons is nie klein kindertjies nie, hoekom wil Jesaja vir ons leer? Hoekom wil
hy vir ons vertel wat die Here vir hom gesê het?

10Ja, hy praat aanmekaar, hy hou aan om vir ons te sê wat ons moet doen.”

11Ja, hulle spot, maar nou sal die Here ook met húlle spot, Hy sal op ’n ander manier
met hierdie volk praat.

12Hy het voorheen vir sy volk gesê: “Hier is die plek waar julle kan rus, hier moet julle
die mense wat moeg is, laat rus, hier kan julle veilig woon.” Maar hulle wou nie
luister nie.

13Nou sal die Here weer met hulle praat. Hy sal aanhou om vir hulle te sê wat hulle
moet doen. Hy sal dit doen totdat hulle agteroor val en seerkry, totdat die vyande
hulle vang en hulle wegvat.

Die watervloed sal kom

14Daarom, julle wat so spot, julle wat oor hierdie volk regeer wat in Jerusalem is,
julle moet nou luister wat sê die Here.

© Bible Society of South Africa.

15Julle moet luister, want julle sê julle het ’n ooreenkoms gemaak met die dood, en wanneer die watervloed kom, dan sal dit nie by julle kom nie. Julle dink julle leuens sal julle beskerm.

16Daarom sê die Here nou: “Kyk, Ek sit ’n klip neer in Jerusalem. Dit is ’n klip wat die mense sal toets, dit is ’n harde hoek-klip waarop iemand ’n muur kan bou. Die mense wat in My glo, sal veilig wees. Hulle sal nie vinnig moet vlug nie.

17Ek sal die mense toets en Ek sal kyk of hulle reg gedoen het en reg gelewe het. Julle dink julle leuens sal julle beskerm, maar wanneer die vyande soos ’n hael-storm kom, dan sal julle sterf, daar sal niks oorbly van julle nie. Julle leuens sal julle nie beskerm nie.

18Julle ooreenkoms met die dood sal niks help nie. Wanneer die watervloed kom, dan sal dit oor julle stroom.

19Die watervloed sal elke dag kom, dit sal oor julle stroom en dit sal julle elke maal wegspoel. Dit sal kom in die dag en in die nag. Almal sal skrik en bewe wanneer hulle hoor dit kom.

20Niemand sal kan slaap nie. Dit sal wees soos wanneer jy wil slaap maar die bed is te kort, jy kan nie reguit daarop lê nie, en die kombers is te klein, jy kan jouself nie daarmee toemaak nie.”

21Want die Here sal baie kwaad word en Hy sal kom. Hy sal kom soos Hy by Perasim-berg gekom het of soos Hy gekom het in die Gibeon-vallei. Hy sal kom om te doen wat Hy wil doen, en dit sal iets wees waarvan julle nie weet nie.

22Daarom, julle moenie vir mekaar sê dit sal nie gebeur nie, want dan sal dit nog baie slegter gaan met julle. Ek het gehoor wat sê die Here, die Here wat oor alles regeer. Hy het klaar besluit, Hy wil die hele land verwoes.

Die Here leer vir mense wat om te doen

23Julle moet luister, julle moet hoor wat ek sê:

24’n Boer hou nie aan om die grond te ploeg wanneer hy iets wil saai nie. Hy hou nie aan om die harde grond stukkend te maak en die grond gelyk te maak nie.

25Nee, wanneer hy die grond gelyk gemaak het, dan saai hy die saad. Hy saai swartkomyn en komyn en koring en sorghum en gars en spelt. Hy saai elke soort saad waar dit moet kom.

26Die boer weet wat om te doen, want sy God leer vir hom.

27Die boer trek nie ’n dors-slee of ’n dors-wa oor swartkomyn en komyn om die saadkorrels uit te kry nie. Nee, hy slaan die saadkorrels uit met ’n stok.

© Bible Society of South Africa.

28En wanneer hy die koring trap met ’n wa en met perde om die koringkorrels uit te haal, dan hou hy nie aan totdat die koringkorrels stukkend is nie. Nee, hy maal die koringkorrels wanneer hy brood wil bak.

29Dit is wonderlik dat die boer dit alles weet, maar die Here het ook dit vir hom geleer, die Here wat oor alles regeer. Die Here leer vir mense wat om te doen.

Jesaja 29

Dit sal sleg gaan met Jerusalem

1Die Here sê: Dit sal sleg gaan met Jerusalem, die stad waar Ek wil vuurmaak, die stad waar Dawid sy tente opgeslaan het. Die jare kom en die jare gaan verby, en die mense in die stad hou aan om fees te vier.

2Maar Ek sal die stad laat swaarkry, en die mense sal huil en treur. Die stad sal vir My die plek wees waar Ek vuurmaak.

3Ek sal die tente van my soldate opslaan rondom die stad, en Ek sal torings bou en groot hope grond teen die stad se mure gooi sodat die soldate oor die muur in die stad kan kom.

4Die vyande sal die stad verwoes. Die mense in die stad sal sterf. Hulle sal sag uit die grond praat soos ’n spook wat fluister.

5Die wrede mense wat ander mense verdruk het in die stad, sal soos fyn stof word, soos kaf wat wegwaai. Dit sal skielik gebeur, so vinnig soos ’n mens sy oog knip.

6Dit is die Here wat dit sal doen, die Here wat oor alles regeer. Hy sal die mense in die stad straf. Daar sal donderweer wees en aardbewings. Dit sal raas. Daar sal storms en donderweer wees, en daar sal baie vure wees.

7Die mense in die stad sal dink hulle droom wanneer die baie volke Jerusalem aanval, wanneer hulle van al die kante die sterk mure van die stad aanval.

8Maar dit sal sleg gaan met hierdie baie volke wat die Sionsberg aanval. Dit sal met hulle gaan soos met ’n man wat honger en dors is: Hy droom dat hy eet, maar wanneer hy wakker word, dan is hy nog honger. Hy droom dat hy water drink, maar wanneer hy wakker word, dan is hy nog dors en swak.

Julle kan nie verstaan wat die Here vir julle sê nie

9Leiers van Jerusalem, julle weet nie wat om te sê nie, julle is stom. Julle weet nie wat julle sien nie, julle is blind. Julle het nie wyn of bier gedrink nie maar julle is dronk en julle loop val-val.

10Julle is so, want die Here het julle gemaak soos mense wat slaap. Hy het julle oë en julle koppe toegemaak. Julle oë was die profete en julle koppe was die sieners.

© Bible Society of South Africa.

11Nou kan julle nie verstaan wat die Here vir julle sê nie. Dit is soos ’n boek wat toegemaak en verseël is. Jy gee dit vir iemand wat kan lees, en jy sê vir hom: “Lees asseblief wat in die boek geskryf is,” en hy sê: “Ek kan dit nie lees nie, want die boek is verseël.”

12Of jy gee die boek vir iemand wat nie kan lees nie, en jy sê vir hom: “Lees asseblief,” en hy sê: “Ek kan nie lees nie.”

Die slim mense sal nie verstaan nie

13Die Here het gesê: “Hierdie volk kom dien My met hulle mond, met hulle woorde. Hulle eer My met die woorde wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My. Daarom probeer hulle My dien met wette wat mense gemaak het, dit is nie Ek wat daardie wette gemaak het nie.

14Dit is hoekom Ek nou met hierdie volk iets sal doen wat hulle sal skok. Hulle sal nie weet wat gebeur nie. Die slim mense wat dink hulle weet alles, sal nie verstaan nie.”

Julle dink verkeerd

15Dit sal sleg gaan met mense wat dink hulle kan hulle planne wegsteek sodat die Here dit nie uitvind nie. Dit sal sleg gaan met mense wat dinge in die donker doen en wat dink die Here sien hulle nie, hulle dink die Here weet nie wat hulle doen nie.

16Julle dink verkeerd! Julle dink die pottebakker is die klei. Die kleipot kan nie vir die pottebakker sê: “Jy het my nie gemaak nie, en jy verstaan my nie.”

Alles sal verander oor ’n kort tydjie

17Dit sal nie lank wees nie, dan sal alles verander: Die bome in die Libanon-bos sal vrugtebome word en op die Karmel-berg sal ’n bos bome groei.

18Daar is mense wat nou doof is, maar daardie dag sal hulle die woorde hoor wat geskryf is in die boek wat verseël was, en die blindes sal kan sien, hulle sal nie meer in die donker wees nie.

19Die arm mense wat nou swaarkry, sal dan weer bly wees omdat die Here by hulle is, die Heilige God van Israel.

20Want daar sal nie meer wrede mense wees wat spot en wat aanhou verkeerd doen nie. Hulle sal sterf.

21Dit is die mense wat sê iemand wat niks verkeerd gedoen het nie, het verkeerd gedoen. Hulle keer wanneer iemand die mense wil straf wat verkeerd doen, hulle wil mense straf wat reg lewe.

22Daarom praat die Here met die nageslag van Jakob. Die Here wat vir Abraham gered het, sê: “Die volk Israel sal nie meer skaam wees nie, hulle sal weet wat om te doen.

23Ja, wanneer hulle sien hoe baie hulle geword het, dan sal hulle my heilige Naam eer. Hulle sal My eer en dien. Ek is die heilige God, die God van Israel.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Party mense se koppe is nou deurmekaar, maar hulle almal sal dan verstaan, almal wat nou ontevrede is en kla, sal dan graag wil leer."

Jesaja 30

Egipte kan julle nie help nie

1Die Here sê: "Dit sal sleg gaan met julle. Julle is soos ongehoorsame kinders. Julle maak planne en ooreenkomste maar Ek het nie gesê julle moet dit doen nie. Julle doen meer en meer sonde.

2Julle vra nie vir My wat julle moet doen nie, maar julle gaan na Egipte en julle vra vir die farao dat hy julle moet beskerm. Julle dink julle sal veilig wees wanneer Egipte julle beskerm.

3Maar julle sal teleurgesteld wees wanneer die farao julle beskerm. Dit sal vir julle niks help nie, Egipte kan julle nie beskerm nie.

4Julle amptenare is al klaar in die stad Soan, julle boodskappers het al klaar aangekom in die stad Ganes,

5maar daardie volk beteken niks, hulle sal julle nie kan help nie. Julle sal teleurgesteld wees, en die ander volke sal julle spot."

6Die Here het kwaai gepraat teen die diere in die suide. Hy het gesê: "Die boodskappers van Juda bring presente vir 'n volk wat nie vir hulle kan help nie. Hulle sit die presente op hulle donkies en hulle kamele en hulle ry deur die woestyn waar dit baie gevaarlik is. Daar is leeus en slange en drake wat vlieg.

7Maar Egipte beteken niks, Egipte kan hulle nie help nie. Hy is 'n monster, maar hy kan niks doen nie."

Die muur sal skielik omval

8Jy moet dit nou in 'n boek gaan skryf en die mense van Juda moet dit sien. Jy moet dit alles skryf, sodat mense dit later kan lees en almal kan weet wat die mense van Juda gedoen het.

9Hulle is 'n ongehoorsame volk, hulle is soos kinders wat lieg, hulle wil nie luister wat die Here vir hulle leer nie.

10Hulle sê vir die profete: "Julle moenie kyk wanneer die Here vir julle wys wat sal gebeur nie. Julle moenie luister wanneer Hy sê wat reg is nie. Julle moet vir ons dinge sê wat ons graag wil hoor, dit maak nie saak of dit nie waar is nie."

11Hulle sê: "Gaan weg, moenie met ons praat oor die Heilige God van Israel nie."

12Daarom sê die Heilige God van Israel nou: "Julle het nie geluister na wat Ek vir julle gesê het nie, julle het gedink dit is reg om mense te verdruk en te bedrieg.

© Bible Society of South Africa.

13Daarom sal hierdie sonde word soos ’n stukkende plek in ’n hoë muur wat nie
regop is nie. Die muur sal skielik omval

14en stukkend breek soos ’n kleipot wanneer iemand die pot stukkend slaan. Daar sal
nie een stuk van die pot oorbly om kole uit ’n vuur te krap, of om water uit ’n dam te
skep nie.”

Die Here wag om julle te help

15Die Here, die Heilige God van Israel, het gesê: “As julle terugkom na My toe en
veilig voel by My, dan sal Ek julle red. As julle stilbly en My glo en vertrou, dan sal Ek
julle help. Maar julle wou dit nie doen nie.

16Julle het gesê: ‘Nee, ons vlug op perde, ons sal op vinnige perde ry.’ Daarom sál
julle vlug, maar die mense wat vir julle wil vang, sal vinniger as julle ry.

17Duisend van julle sal vlug vir een van die vyand se manne, en as daar vyf van die
vyand se manne kom, dan sal julle aanhou vlug totdat net ’n paar van julle oorbly.
Julle sal wees soos ’n paal of soos ’n vlag wat alleen bo-op ’n berg staan.”

18Daarom is die Here gereed om julle te help, Hy wil julle graag help en Hy wil weer
goed wees vir julle. Daarom maak Hy alles gereed om weer goed te wees vir julle. Die
Here wil dit doen, want Hy is die God wat reg doen. Dit gaan goed met almal wat glo
dat Hy sal doen wat Hy belowe het.

19Ja, volk wat in Sion woon, in Jerusalem, julle sal nooit weer huil nie. Wanneer julle
die Here roep en vra Hy moet julle help, dan sal Hy weer goed wees vir julle. Dit is
seker. Wanneer Hy hoor julle bid, dan sal Hy dadelik antwoord.

20Die Here het julle laat swaarkry, maar Hy sal nou by julle wees. Hy sal vir julle leer
wat om te doen, en julle sal Hom sien.

21Wanneer julle op die verkeerde pad loop, dan sal julle hoor dat Hy agter julle praat.
Hy sal sê: “Nee, hier is die regte pad, julle moet hier loop.”

22Dan sal julle weet dat die beelde onrein is, die beelde van afgode wat julle
oorgetrek het met silwer en goud. Julle sal hulle weggooi soos vuil lappe en julle sal
sê: “Ons wil hulle nie weer sien nie!”

23Die Here sal reën gee wanneer julle saad in die grond saai, en die koring sal goed
groei in die grond, die koringkorrels sal gesond en vet wees. Julle skape en bokke sal
baie plek hê om te wei.

24Julle beeste en donkies wat op die koringland werk, sal kos vreet wat julle in water
sag gemaak het, kos wat julle met ’n graaf en ’n vurk gemeng het.

25Op elke hoë berg, elke hoë heuwel, sal daar waterstrome wees. Die Here sal al sy
vyande doodmaak. Daardie dag wanneer die torings in die mure van hulle stede
omval,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26dan sal die lig van die maan helder skyn soos die lig van die son, en die lig van die son sal sewe maal sterker skyn. Die lig sal so sterk wees soos die lig van sewe dae saam. Dan sal die Here die seerplekke van sy volk toedraai en Hy sal die kneusplekke gesond maak, die plekke waar Hy hulle geslaan het.

Die Here sal die ander volke straf

27Kyk, die Here kom van ver. Hy is baie kwaad. Wanneer Hy praat, dan is dit soos ’n vuur wat brand.

28Sy asem is soos ’n sterk stroom water, dit is so diep dat dit tot by ’n mens se nek kom. Hy sal die ander volke straf, Hy sal hulle sif met ’n fyn sif, Hy sal vir hulle ’n toom aansit en Hy sal hulle laat verdwaal.

29Mense van Jerusalem, dan sal julle sing, julle sal sing soos wanneer julle feesvier in die nag. Julle sal sing soos wanneer julle die fluit speel en na die berg van die Here gaan, na die Rots van Israel.

30Die Here is kwaad, Hy sal hard praat. Hy maak gereed om die Assiriërs te straf. Daar sal vuur wees en baie harde reën, donderweer en hael.

31Ja, die Assiriërs sal bewe wanneer die Here praat, wanneer Hy begin om hulle te straf.

32En elke maal wanneer die Here hulle straf, sal julle op die tamboeryne en die liere speel. Die Here sal oorlog maak teen Assirië.

33Die Here het lank gelede die hout reggepak om ’n vuur te maak. Dit is ’n groot vuur met baie hout. Die vuur sal die koning van Assirië verbrand. Die asem van die Here is soos ’n stroom swael, dit sal die vuur aan die brand steek.

Jesaja 31

Die Egiptenaars is mense, nie gode nie

1Dit sal sleg gaan met die Israeliete. Hulle vra dat die Egiptenaars hulle moet help. Hulle dink perde kan hulle help, hulle dink baie oorlogkarre en soldate op perde sal hulle beskerm. Hulle vra nie dat die Heilige God van Israel hulle moet help nie, hulle bid nie tot Hom nie.

2Die Here het ook wysheid, nie net die Egiptenaars nie. Die Here het sy volk gestraf, Hy het gedoen wat Hy gesê het, en nou sal Hy hierdie mense straf wat so verkeerd doen. Hy sal nie sê dat die slegte Egiptenaars hulle mag help nie.

3Die Egiptenaars is mense, nie gode nie, en hulle perde is diere, nie geeste nie. Wanneer die Here sy hand uitsteek om hulle te straf, dan sal die mense val wat moet help, en die mense wat gevra het dat hulle moet help, sal ook val. Hulle sal saam sterf.

Die Here sal Jerusalem beskerm

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Die Here het vir my gesê dat Hy sal afkom na Sionsberg om oorlog te maak op die berg wat aan Hom behoort. Hy is die Here wat oor alles regeer. Hy sal wees soos ’n leeu wat ’n dier gevang het en wat by die dier lê en brul. Die leeu skrik nie wanneer ’n klomp skaapwagters kom en raas en skree nie.

5Soos ’n voël bokant sy nes vlieg om dit te beskerm, so sal die Here Jerusalem beskerm. Hy is die Here wat oor alles regeer, Hy sal kom, en Hy sal die mense van Jerusalem beskerm en red.

6Israeliete, julle moet terugkom na die Here toe, want julle het ver weggegaan van Hom.

7Eendag sal elkeen van julle sy afgode weggooi, die afgode van silwer en goud wat julle self gemaak het toe julle sonde wou doen.

8Die Assiriërs sal sterf, maar dit sal nie mense wees wat hulle doodmaak nie. Hulle sal vlug, en hulle jongmanne sal soos slawe moet werk vir die vyande.

9Hulle beste leiers sal vlug, hulle offisiere sal skrik en weghardloop. Hulle sal hulle vlag daar los. Die Here het dit gesê. Op sy altaar in Sion brand ’n vuur.

Jesaja 32

’n Koning sal reg regeer

1’n Koning sal reg regeer en regverdig wees, hy en sy amptenare.

2Elkeen van hulle sal wees soos ’n afdak teen die wind en harde reën. Hulle sal wees soos strome water in ’n droë land, soos die skaduwee van ’n groot rots in ’n land waar dit baie warm is.

3Dan sal die oë van almal wat kan sien, nie meer toe wees nie, en almal wat kan hoor, sal dan luister.

4Die mense wat ongeduldig was en wat nie goed wou luister nie, sal dan luister en verstaan, en die mense wat gehakkel het, sal goed kan praat.

5Niemand sal dan sê ’n dwaas is ’n goeie mens of ’n skurk is ’n belangrike mens nie.

6Want dwase mense praat nonsens en hulle dink net aan sonde. Hulle doen slegte dinge en hulle praat leuens oor die Here. Hulle gee nie kos vir honger mense nie, hulle gee nie water vir mense wat dors is nie.

7Skurke is altyd besig om slegte dinge te doen. Hulle maak skelm planne en hulle lieg om probleme te gee vir mense wat hulleself nie kan help nie, vir arm mense wat niks verkeerd gedoen het nie.

8Maar ’n goeie mens dink watter goeie dinge hy kan doen en hy beskerm die goeie mense.

Julle moet bang wees en bewe

© Bible Society of South Africa.

9Vroue, julle wat nou lekker lewe en oor niks bekommerd is nie, julle moet luister na
wat ek sê:

10Julle lewe nou lekker, maar oor ’n jaar sal julle bewe, want daar sal nie druiwe
wees om te pluk nie.

11Julle lewe nou lekker, julle is oor niks bekommerd nie, maar julle moet bang wees
en bewe, julle moet julle klere uittrek en julle moet rouklere aantrek.

12Julle moet met julle vuiste op julle bors slaan en huil oor die mooi lande en
die vrugbare wingerde.

13Julle moet huil oor die land van my volk, oor die huise waar almal vrolik was, oor
die stad waar almal feesgevier het, want dit is vol dorings en bossies.

14Ja, daar is niemand in die koning se huis nie, die stad is nie meer vol mense nie.
Daar is nou net grotte waar die Ofel voorheen was en die toring waar die wagte
gestaan het. Dit sal altyd so wees. Nou loop daar wildedonkies rond en daar wei
skape en bokke.

Dit sal goed gaan met julle

15Dit sal so wees totdat die Gees van Bo op ons kom. Dan sal die woestyn vol
vrugtebome wees, en die vrugtebome sal so naby mekaar wees soos die bome in ’n
bos.

16In die woestyn en tussen die vrugtebome sal die mense reg doen en hulle
sal regverdig wees.

17Hulle sal altyd rus en vrede hê omdat hulle reg sal doen aan mekaar.

18Die Here sê sy volk sal woon in plekke waar daar vrede is. Hulle sal veilig wees en
hulle sal oor niks bekommerd wees nie.

19Hael sal die bosse stukkend slaan en die mure van die stede sal omval.

20Maar met júlle sal dit goed gaan. Dit sal baie reën. Julle sal koring saai en julle
beeste en donkies sal oral wei.

Jesaja 33

Red ons wanneer dit sleg gaan met ons

1Daar is ’n volk wat ander volke se lande verwoes het, maar niemand het daardie
volk se land verwoes nie. Daar is ’n volk wat ander volke verraai het, maar niemand
het daardie volk verraai nie. Dit sal sleg gaan met daardie volk. Wanneer hulle klaar
verwoes het en klaar verraai het, dan sal ander volke daardie volk verraai en hulle sal
daardie volk se land verwoes.

© Bible Society of South Africa.

2Here, wees asseblief genadig vir ons, ons wag dat U ons moet help. Maak ons elke oggend sterk, red ons, want ons kry swaar.

3Wanneer U praat en die volke hoor u stem, dan vlug hulle. Wanneer U opstaan en nader kom, dan vlug die volke.

4Ander volke sal die goed wegvat wat daardie volk gevat het. Die ander volke sal soos sprinkane kom en hulle sal alles wegvat.

5Die Here is bo almal, want Hy woon in die hemel. Hy sal sê, en die mense in Sion sal almal weer reg doen en regverdig wees.

6Hulle sal altyd die Here vertrou. Hy sal hulle red en Hy sal vir hulle wysheid en kennis gee. Hulle sal die Here dien, dit sal hulle ryk maak.

Die land huil en treur

7Luister hoe roep die mense van Jerusalem. Hulle vra dat die Here hulle moet kom help. Luister hoe huil die boodskappers wat moet sê daar is vrede.

8Niemand loop op die paaie nie, niemand kom verby nie. Die vyand het sy ooreenkoms met ons gebreek. Hulle het ons stede maklik oorwin, ons mense kon hulle nie keer nie.

9Die land treur, alles word droog, die Libanon-berg lyk soos ’n mens wat bleek is, die plante op die berg word droog. Die Saron-vlakte is soos die woestyn. Die bome in die land Basan en op die Karmel-berg se blare val af.

Wie kan woon by ’n vuur?

10Die Here sê: “Ek sal nou opstaan en doen wat Ek wil doen.

11Alles wat julle doen, is soos droë gras en kaf. Julle het self ’n vuur aangesteek, maar julle sal brand in daardie vuur.

12Volke sal verbrand en hulle sal as word soos doringbossies wat iemand afkap en aan die brand steek.

13Volke wat ver is, volke wat naby is, julle moet hoor wat Ek doen, julle moet weet hoe sterk Ek is.”

14Die sondaars in Sion skrik, die slegte mense begin bewe. Hulle sê: “Watter mense kan woon by ’n vuur wat alles verbrand? Wie kan woon by ’n vuur wat altyd aanhou brand?

15Dit is die mense wat reg lewe en wat die waarheid praat, die mense wat nie ander mense se goed vat om hulleself ryk te maak nie, die mense wat nie presente vat om verkeerd te doen aan ander mense nie, die mense wat nie luister na planne om mense te vermoor nie, die mense wat nie verkeerd wil doen nie.

16Hierdie mense sal hoog in die berge woon en hulle sal veilig wees agter die rotse. Hulle sal kos kry, en hulle sal altyd water hê.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Die Here sal ons red

17 Julle sal self ’n koning sien wat mooi klere dra, en julle sal sien die land is groot.

18 Dan sal julle onthou hoe julle geskrik het toe die vyande julle goed getel en geweeg het om dit saam te vat, en die torings getel het om dit af te breek.

19 Maar julle sal nie weer daardie hoogmoedige volk sien nie, daardie volk wat ’n taal praat wat julle nie kan verstaan nie.

20 Kyk na Sion, na Jerusalem, die stad waar ons bymekaarkom om fees te vier. Julle sal sien dit is ’n plek waar julle veilig kan woon. Dit is soos ’n tent wat niemand afslaan nie, niemand trek die tent se penne uit nie, en die toue breek nie.

21 Die Here sal daar vir ons die God wees wat Koning is, dit sal ’n plek wees waar daar riviere en groot waterstrome is, maar die roeibote en die oorlogskepe van die vyande sal nie daar kom nie.

22 Ja, die Here is ons Regter, die Here is ons Leier, die Here is ons Koning. Hy sal ons red.

23 Die toue van die vyande se skepe hang pap, die toue hou nie die maspaal van die skip regop nie, die maspaal waaraan die seile is, en die toue hou nie die seile styf nie. Daar is baie goed wat julle kan vat, ook die lam mense sal alles vat wat hulle wil.

24 Niemand in Jerusalem sal sê hy is siek nie. Die Here het die sonde vergewe van die mense in die stad.

Jesaja 34

Die Here is baie kwaad vir al die volke

1 Volke, julle moet almal luister, die aarde en alles wat op die aarde is, moet luister, die wêreld en alles wat uit die wêreld kom, moet luister.

2 Die Here is baie kwaad vir al die volke en vir al hulle soldate. Hy sal hulle almal laat doodmaak.

3 Hulle soldate sal sterf in oorlog, en die dooie liggame sal op die grond lê en stink. Die berge sal vol bloed wees.

4 Al die sterre in die lug sal smelt en die hemel sal toerol soos ’n boekrol. Die sterre sal val soos droë blare van ’n wingerdstok of ’n vyeboom val.

Die Here sal die Edomiete straf

5 Wanneer die Here in die hemel sy swaard gereedmaak om bloed te laat vloei, dan sal sy swaard die Edomiete doodmaak. Hulle is die mense wat Hy wil straf, Hy wil hulle almal doodmaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6Die Here hou ’n swaard vas wat vol bloed en vet is, die bloed en die vet aan die niere van skaap-ramme en bok-ramme. Die Here sal baie mense doodmaak in die stad Bosra, in die land Edom.

7Die leiers van Edom is sterk soos buffels en bulle, maar hulle bloed en hulle vet sal op die grond val en dit sal hulle land natmaak.

8Die Here sal die Edomiete straf oor alles wat hulle gedoen het aan Sion. Hy sal dit doen op die tyd wanneer Hy dit besluit.

9Die water van die riviere van die land Edom sal teer word, en die stof sal swael word, en die hele land sal brand.

10Die vuur sal aanhou brand, elke dag en nag, dit sal aanhou rook. Die land sal net hope klippe wees, en niemand sal weer deur die land loop nie.

11Daar sal nie mense in die land woon nie, die land sal leeg wees. Daar sal net pelikane en uile woon, nag-uile en kraaie sal hulle nes daar maak.

12Daar sal nie meer leiers wees wat die land Edom regeer nie, en daar sal nie meer amptenare wees nie.

13Daar was voorheen mooi huise wat sterk mure gehad het, maar nou sal daar dorings en bossies groei. Daar sal jakkalse en volstruise woon.

14 Woestyn-diere sal daar bymekaarkom, veldgode sal mekaar roep, en die nag-gees sal daar woon.

15Uile sal daar in die skaduwee op hulle eiers broei, en valke sal daar bymekaarkom, elkeen saam met sy wyfie.

16Julle moet kyk in die boek van die Here, julle sal sien dat al daardie diere in die land Edom sal wees, elkeen saam met sy wyfie. Die Here het gesê die diere moet kom, Hy het hulle bymekaargemaak.

17Die Here het die land Edom vir die diere gegee, Hy het vir elkeen sy eie plek gegee. Die land sal altyd aan die diere behoort, hulle sal altyd daar woon.

Jesaja 35

Ons God sal kom

1Die droë woestyn sal bly wees en juig, daar sal blomme groei in die woestyn.

2Daar sal oral blomme wees, die woestyn sal juig, meer nog, hy sal sing. Die woestyn sal so mooi wees soos die Libanon-berg of soos die Karmel-berg en die Saron-vlakte. Almal sal sien dat die Here die Koning is, hulle sal sien dat ons God kom, hulle sal die lig rondom Hom sien.

© Bible Society of South Africa.

3Mense se hande hang pap en hulle knieë bewe, maar julle moet hulle sterk maak en help.

4Sê vir die mense wat moedeloos is: “Julle moet sterk wees, julle moenie bang wees nie. Kyk, julle God sal kom, Hy kom om die vyande te straf omdat hulle slegte dinge aan julle gedoen het. Julle God kom en Hy sal julle red.”

5Dan sal die blinde mense weer kan sien, en die dowe mense sal weer kan hoor.

6Dan sal lam mense soos ’n takbok spring, en stom mense sal sing, want in die woestyn sal daar fonteine wees, en riviere wat vol water is.

7Grond wat droog geword het in die son, sal vol water wees. Daar sal fonteine wees waar daar niks water was nie. Daar sal gras, riete en biesies groei waar daar net jakkalse was.

8Daar sal ’n pad wees, en die mense sal die pad noem “ Gewyde Pad.” Onrein mense en dwase sal nie op hierdie pad loop nie, net mense wat reg lewe, sal daar loop.

9Leeus en ander wilde diere sal nie op die pad loop nie. Die Here het mense gered, en net hulle sal daar loop.

10Die Here het sy mense vrygemaak, en hulle sal sing wanneer hulle in Sion kom. Hulle sal vrolik en bly wees, hulle sal nie swaarkry en huil nie.

Jesaja 36

Die koning van Assirië stuur boodskappers na Jerusalem

(Kyk ook 2 Kon 18:13,17-35; 2 Kron 3:1; 32:9-17)

1Koning Sanherib van Assirië het al die sterk stede in die land Juda aangeval en hy het hulle oorwin. Dit was in die veertiende jaar nadat Hiskia koning geword het.

2Die koning van Assirië het ’n hoof-offisier gestuur van die stad Lakis na Jerusalem. Saam met die hoof-offisier was daar baie soldate. Die hoof-offisier het gaan staan by die watersloot uit die boonste dam. Dit was langs die pad na die plek waar die mense altyd die wol gewas het.

3Eljakim seun van Gilkija, en Sebna en Joag, seun van Asaf, het na die hoof-offisier toe gegaan. Hulle was die drie belangrikste amptenare van koning Hiskia.

4Die offisier het vir hulle gesê: “Julle moet vir koning Hiskia sê ons bring ’n boodskap van die groot koning, die koning van Assirië. Die koning vra vir Hiskia: Hiskia, dink jy iemand kan jou help?

5Jy wil oorlog maak teen my, maar dit sal jou nie help om net te praat en planne te maak nie.

© Bible Society of South Africa.

6“Jy dink nou Egipte sal jou help, maar Egipte is soos ’n riet-kierie wat gebreek het. As jy op die riet druk, dan steek dit jou hand stukkend. Die farao, die koning van Egipte, is soos ’n riet-kierie vir almal wat dink hy sal hulle help.

7Jy sê vir my dat julle God die Here julle sal help, maar ek sê Hy sal dit nie doen nie, want Hiskia het julle God se offer-plekke en altare afgebreek. Hiskia het vir die mense van Juda en Jerusalem gesê hulle mag net bid by die brandoffer-altaar in Jerusalem.

8Ek sal vir jou sê wat my koning sal doen, die koning van Assirië. Hy sal vir jou 2 000 perde gee as jy genoeg soldate het om op die perde te ry. Maar jy het nie genoeg soldate nie.

9Jy kan nie ’n oorlog wen teen een goewerneur nie, teen een van die onbelangrikste amptenare van my koning nie. Maar nou dink jy Egipte kan jou help. Jy dink Egipte kan vir jou oorlogkarre en perde gee.

10Jy moet ook weet dit is nie ék wat besluit het om hierdie land te verwoes nie. Dit is die Here wat vir my gesê het: ‘Jy moet daardie land gaan verwoes.’ ”

11Eljakim en Sebna en Joag het vir die hoof-offisier gesê: “Jy moet asseblief Arameés praat met ons, dit is ’n taal wat ons verstaan. Jy moenie met ons Judees praat nie, want ons wil nie hê dat die mense op die muur moet verstaan wat jy sê nie.”

12Die hoof-offisier het gesê: “My koning het my nie gestuur om hierdie boodskap net vir julle koning en vir julle te bring nie. Ek moet die boodskap ook bring vir hierdie mense wat op die muur sit. Hulle sal hulle eie mis moet eet en hulle eie urine moet drink, en julle sal dit ook moet doen.”

13Toe gaan staan die hoof-offisier by die muur. Hy het Judees gepraat en hard gesê: “Julle moet hoor wat sê die groot koning, die koning van Assirië.

14Die koning sê julle moenie dat Hiskia julle bedrieg nie. Hiskia kan julle nie red nie.

15Hiskia sê julle moet glo dat die Here julle sal red, hy sê die koning van Assirië sal nie hierdie stad oorwin nie, dit is seker. Maar julle moenie vir Hiskia glo nie.

16Julle moenie na hom luister nie, want die koning van Assirië sê: ‘Julle moet vrede maak met my en julle moet na my toe kom. Dan kan julle elkeen eers op sy eie grond bly en elkeen kan sy eie druiwe en vye eet en water drink uit sy eie put.

17Later sal ek kom en ek sal julle wegvat na ’n land wat soos julle land is, ’n land waar daar koring en wyn is, ’n land waar daar kos en wingerde is.’

18Julle moet oppas dat Hiskia julle nie bedrieg nie. Hy sê die Here sal julle red, maar ek vra vir julle: Kon die gode van die ander volke hulle lande beskerm teen die koning van Assirië? Nee.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Waar is die gode van die lande Hamat en Arpad? Waar is die gode van Sefarwajim? Daardie gode kon nie help nie. En wie kon die mense van Samaria teen my beskerm? Niemand.

20Wie van al die gode van daardie lande kon sy land beskerm teen my? Nie een nie, en die Here kan Jerusalem ook nie beskerm teen my nie."

21Eljakim en die ander twee manne het stilgebly, hulle het nie die hoof-offisier geantwoord nie, want koning Hiskia het gesê hulle moenie die hoof-offisier antwoord nie.

22Hulle het na Hiskia toe gegaan en hulle het hulle klere geskeur en vir hom vertel wat die hoof-offisier gesê het.

Jesaja 37

Hiskia stuur boodskappers na Jesaja toe

(Ook 2 Kon 19:1-7)

1Toe koning Hiskia dit hoor, het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek en na die tempel gegaan.

2Die koning het die amptenare Eljakim en Sebna, en die leiers van die priesters na die profeet Jesaja toe gestuur. Jesaja was die seun van Amos. Hulle het rouklere gedra.

3Hulle het vir Jesaja gesê: "Hiskia sê hierdie dag is 'n slegte dag, die Here straf ons vandag. Dit lyk of die Here ons gelos het. Dit is soos wanneer 'n baba al amper gebore word, maar sy ma is te swak om die baba te kry.

4Miskien het jou God die Here gehoor wat die hoof-offisier gesê het. Dit is sy koning, die koning van Assirië, wat hom gestuur het om sleg te praat oor die God wat lewe. Miskien sal jou God die Here die koning van Assirië straf oor wat die koning gesê het. Ons wat nog lewe, is min, maar bid asseblief vir ons."

5Toe die amptenare van koning Hiskia by Jesaja kom,

6sê Jesaja vir hulle: "Julle moet vir julle koning sê die Here sê: Hiskia, jy het gehoor toe die offisiere van die koning van Assirië sleg gepraat het oor My, maar jy moenie bang wees daaroor nie.

7Ek sal die koning van Assirië bang laat word. Hy sal 'n boodskap kry en hy sal teruggaan na sy eie land. Daar in sy land sal iemand hom doodsteek."

Die koning van Assirië stuur weer boodskappers na Hiskia toe

(Ook 2 Kon 19:8-13)

8Die hoof-offisier het teruggegaan. Hy het gehoor dat die koning van Assirië weggegaan het van die stad Lakis en dat hy oorlog gaan maak het teen die stad Libna. Die offisier het die koning by Libna gekry.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Die koning het gehoor dat Tirhaka, die koning van die land Kus, kom om oorlog te maak teen hom. Toe die koning dit hoor, het hy boodskappers na Hiskia toe gestuur. Hy het vir die boodskappers gesê

10hulle moet vir Hiskia, die koning van Juda, sê: “Hiskia, jy glo in jou God, maar jy moenie dat Hy jou bedrieg nie. Jou God sê die koning van Assirië sal nie Jerusalem oorwin nie. Dit is nie waar nie.

11Jy het self gehoor wat die koning van Assirië gedoen het met al die ander lande. Hy het daardie lande verwoes. Wie sal jou red?

12Het die ander volke se gode hulle gered toe my voorvaders hulle oorwin het? Nee. My voorvaders het die mense van Gosan en Haran oorwin, en hulle het ook die mense van die stad Resef oorwin en die mense van die land Eden wat in Telassar woon.

13Waar is die koning van Hamat en die koning van Arpad en die konings van Sefarwajim, Hena en Awwa? Hulle is nie meer daar nie.”

Hiskia gaan bid in die tempel

(Ook 2 Kon 19:14-19)

14Hiskia het die briewe geneem wat die boodskappers gebring het, en hy het dit gelees. Toe het Hiskia na die tempel gegaan en die briewe neergesit voor die Here.

15Hiskia het tot die Here gebid en gesê:

16“Here, God van Israel, U regeer oor alles, U troon is bokant die gerubs. U alleen is God van al die lande op die aarde. U het die hemel en die aarde gemaak.

17U moet asseblief luister, U moet hoor, U moet kyk en sien en hoor wat Sanherib sê. Hy het boodskappe gestuur om sleg te praat oor die God wat lewe.

18Here, die konings van Assirië het al die ander volke en hulle lande verwoes, dit is waar.

19Hulle het die volke se gode in die vuur gegooi. Maar daardie gode was nie waarlik gode nie, mense het hulle gemaak van hout en klip. Daarom het die gode verdwyn.

20En nou, Here, ons God, beskerm ons teen die koning van Assirië. Doen dit, sodat al die volke op die aarde kan weet dat U alleen Here is.”

Jesaja stuur ’n boodskap vir Hiskia

(Ook 2 Kon 19:20-34)

21Jesaja seun van Amos het vir Hiskia ’n boodskap gestuur. Jesaja het gesê: “Die Here, die God van Israel, sê Hy het gehoor wat jy gebid het oor Sanherib, die koning van Assirië.

22Dit is wat die Here oor Sanherib sê: “Sanherib, die mense van Sion lag vir jou, hulle dink jy beteken niks. Die mense van Jerusalem steek hulle tong uit vir jou, want jy moet nou weggaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Oor wie het jy sleg gepraat? Vir wie het jy geskree en teen wie het jy gespog? Dit was teen die Heilige God van Israel!

24Jy het jou offisiere gestuur om sleg te praat oor die Here. Jy het gesê: ‘Ek het teen die hoogste berge opgery met my baie oorlogkarre. Ek het gery tot bo-op die Libanon-berg. Ek het die grootste sederbome afgekap, die mooiste sipresbome op die berg. Ek het gekom tot op die hoogste plek op die berg, tot waar die meeste bome is.

25Ek het putte gegrawe en water gedrink, ek het al die riviere van Egipte droog laat word toe ek deur hulle geloop het.’

26Maar jy moet weet dat Ek lank gelede besluit het dat jy dit moet doen, Ek, die Here, het lank gelede gesê dit moet so wees, en nou het Ek dit laat gebeur. Daarom kon jy stede verwoes, stede wat sterk mure het. Daardie stede is nou net hope klippe.

27Die mense wat in die stede gewoon het, was nie sterk nie. Hulle het geskrik, hulle het nie geweet wat om te doen nie. Hulle was soos die plante in die veld, soos groen bossies, soos gras op die plat dak van ’n huis. Dit word droog en gaan dood voordat dit goed kan groei.

28Sanherib, Ek weet alles wat jy doen, wanneer jy sit of gaan of kom. Ek weet ook wat jy alles teen My gesê het.

29Ek weet wat jy teen My gesê het en Ek het gehoor hoe hoogmoedig jy gepraat het teen My. Daarom sal Ek ’n vishoek deur jou neus sit en Ek sal ’n stang in jou mond sit. Ek sal jou lei soos ’n perd, terug op dieselfde pad wat jy gekom het.

30“En, Hiskia, Ek sal vir jou ’n teken gee: Hierdie jaar sal julle die koring eet wat self opkom, en volgende jaar sal julle die koring eet wat dan nog self opkom. Maar die jaar daarna sal julle saai en koring afsny, julle sal wingerde plant en druiwe eet.

31Die mense van Juda wat oorgebly het en wat nog lewe, sal wees soos plante wat sterk wortels in die grond het en wat baie vrugte dra.

32Ja, mense sal kom van Jerusalem, van Sionsberg, mense wat oorgebly het en wat nog lewe. Dit sal gebeur, want die Here wat oor alles regeer, sal die mense van Juda nie alleen los nie.”

33Daarom sê Ek, die Here, hierdie woorde oor die koning van Assirië: “Hy sal nie in hierdie stad inkom nie, hy sal nie hier met sy pyl en boog skiet nie. Hy sal nie hier sy skild kom optel om homself te beskerm nie. Hy sal nie grond teen die stad se muur gooi sodat hy oor die muur kan klim nie.

34Hy sal teruggaan op die pad wat hy gekom het, hy sal nie in hierdie stad inkom nie.” Dit het Ek, die Here, gesê.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

35Ja, Ek, die Here, sê: “Ek sal hierdie stad beskerm en red, Ek sal dit doen vir Myself
en vir my dienaar Dawid.”

Koning Sanherib sterf

(Ook 2 Kon 19:35-37)

36Die Engel van die Here het gekom en Hy het 185 000 soldate in die kamp van die
Assiriërs doodgemaak. Toe die Assiriërs vroeg die oggend opstaan, lê al die dooie
soldate daar.

37Koning Sanherib van Assirië het sy tente laat afslaan. Hy het teruggegaan na die
stad Nineve en hy het daar gebly.

38Eendag het hy in die tempel van sy god Nisrok gelê en bid. Sy seuns Adrammelek
en Sar-Eser het hom daar met swaarde doodgesteek. Hulle het gevlug na die land
Ararat, en Sanherib se seun Esar-Haddon het koning geword ná hom.

Jesaja 38

Hiskia word baie siek, en die Here maak hom gesond

(Kyk ook 2 Kon 20:1-6; 2 Kron 32:24)

1Koning Hiskia het in daardie tyd baie siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos
het na hom toe gekom en vir hom gesê: “Jy moet vir jou familie sê wat jy wil hê hulle
moet doen, want jy sal sterf, jy sal nie gesond word nie.”

2Hiskia het sy gesig na die muur gedraai en hy het tot die Here gebid.

3Hy het gesê: “Ag, Here, dink asseblief daaraan dat ek gehoorsaam was aan U met
my hele hart en dat ek altyd gedoen het wat U wil hê.” Hiskia het hard gehuil.

4Die Here het met Jesaja gepraat

5en Hy het gesê Jesaja moet vir Hiskia gaan sê: “Ek, die God van jou voorvader
Dawid, sê: Ek het jou gebed gehoor en Ek het jou trane gesien. Ek sal jou nog 15 jaar
laat lewe.

6Ek sal jou en hierdie stad red van die koning van Assirië.

7En dít sal vir jou die teken wees dat Ek sal doen wat Ek gesê het:

8Die son is al klaar laag, en die skaduwee op die trappe van die sonwyser van Agas
wys dat dit laat is, maar Ek sal die skaduwee tien trappe laat teruggaan.” Die
skaduwee het tien trappe teruggegaan en dit het gewys dat die son weer hoog in die
lug is.

Hiskia skryf ’n lied

9Koning Hiskia van Juda was siek en hy het weer gesond geword. Hy het toe ’n lied
geskryf. Hy het gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Ek het gedink ek sal nog jonk wees wanneer ek sterf, ek sal na die doderyk moet
gaan voordat ek oud geword het.

11Ek het gedink ek sal die Here nie weer sien nie, hier waar die mense woon wat
lewe. Ek het gedink ek sal nooit weer ’n mens sien nie, hier in die wêreld waar die
mense woon.

12Die Here het my afgebreek en Hy het my gebêre soos ’n skaapwagter sy tent
afslaan en bêre. Hy het my lewe afgesny en opgerol soos ’n stukkie garing. Hy gooi
my heeltemal weg, elke dag en nag.

13Soos wanneer ’n leeu ’n bok vang en sy bene stukkend kou, so breek Hy my. Die
Here gooi my heeltemal weg, elke dag en nag.

14Ek sug en kla soos ’n voëltjie, soos ’n duif. Ek het opgekyk na die hemel totdat my
oë klein geword het. Here, dit gaan sleg met my, help my asseblief!

15Wat moet ek sê? Dit is die Here wat dit gedoen het. Moet ek my hele lewe lank
swaarkry?

16Here, U laat mense lewe en U sal my saam met hulle laat lewe. U sal my weer sterk
laat word en U sal my laat aanhou lewe.

17Nou weet ek, dit was vir my goed dat dit so sleg gegaan het met my. U is lief vir my,
U het my nie laat sterf nie, ja, U het al my sondes vergewe.

18U het dit gedoen, want mense wat dood is, kan U nie loof en prys nie. Hulle kan nie
aanhou hoop dat U sal doen wat U belowe het nie.

19Net iemand wat lewe, kan U prys, soos ek vandag doen. ’n Pa kan vir sy kinders
vertel dat U doen wat U belowe het.

20Here, U red my. Ons sal in die tempel op ons liere speel so lank ons lewe.

21Jesaja het toe gesê hulle moet ’n pleister van vye maak en hulle moet dit op die
koning se seerplek sit, sodat die koning gesond kan word.

22Hiskia het gevra hoe hy sal weet wanneer hy weer na die tempel kan gaan.

Jesaja 39

Die soldate van Babel sal alles kom vat

(Ook 2 Kon 20:12-19)

1Merodak-Baladan seun van Baladan was die koning van Babel. Hy het gehoor dat
koning Hiskia siek was en dat hy weer gesond geword het. Hy het eendag vir Hiskia
briewe en presente gestuur.

2Hiskia was bly daaroor, en hy het vir die boodskappers van koning Merodak-
Baladan alles gewys wat hy in sy stoorkamers gebêre het: die silwer en die goud,

© Bible Society of South Africa.

die balsem en die skoon olyf-olie, en ook sy hele wapenkamer, ja, alles wat in sy stoorkamers was. Hiskia het vir die boodskappers alles gewys wat in sy paleis en in sy hele land was.

3Die profeet Jesaja het na koning Hiskia toe gekom en hy het vir die koning gevra: “Wat het daardie manne gesê? Van watter land het hulle gekom?” Hiskia het vir hom gesê: “Hulle het van ’n ver land na my toe gekom, van die land Babel.”

4Jesaja het gevra: “Wat het hulle in jou paleis gesien?” Hiskia het gesê: “Hulle het alles gesien wat in my paleis is. Ek het vir hulle alles gewys wat in my stoorkamers is.”

5Jesaja het vir Hiskia gesê: “Jy moet luister na wat die Here sê, die Here wat oor alles regeer:

6Die soldate van Babel sal eendag alles kom vat wat in jou paleis is, alles wat jou voorvaders en jy bymekaargemaak het. Daar sal niks oorbly nie. Dit is wat die Here sê.

7En hulle sal party van jou eie seuns vat om in die koning van Babel se paleis te werk.”

8Hiskia het vir Jesaja gesê: “Ek het gehoor wat jy sê. Wat die Here gesê het, is goed.” Hiskia het ook gesê: “Ek hoop ons sal vrede hê en veilig wees so lank soos ek nog lewe.”

Jesaja 40

Dit sal nou beter gaan

1Die profeet het gesê: “Julle moet vir my volk sê dit sal nou beter gaan, julle moet sê dit sal beter gaan.” Dit sê julle God.

2“Julle moet die mense van Jerusalem bly maak, julle moet vir hulle sê hulle is nou nie meer slawe nie, hulle het klaar swaargekry. Ek het hulle klaar gestraf oor al hulle sondes.”

Die Here sal verskyn

3Iemand het geskree: “Julle moet in die woestyn ’n pad gereedmaak vir die Here, julle moet die pad gelykmaak vir ons God!

4Julle moet al die valleie toegooi met grond en julle moet al die berge plat maak, julle moet die heuwels wegvat sodat die grond gelyk is.

5Dan sal die Here verskyn en Hy sal vir almal wys Hy is die Koning. Die Here self het gesê dat Hy dit sal doen.”

© Bible Society of South Africa.

6Iemand het gesê: “Jy moet hard praat sodat almal jou kan hoor.” En ek het gesê: “Wat moet ek sê? Mense is soos gras, ook as hulle mooi en goed is, is hulle soos die veldblomme.

7Wanneer die Here die wind laat waai oor die gras en die blomme, dan word hulle droog en hulle verlep. Ja, die mense is soos gras.

8Gras en blomme word droog en verlep, maar die dinge wat ons God sê, sal nooit verander nie.”

9Mense van Jerusalem, mense van Sion, julle moet die boodskappers wees wat die goeie nuus bring. Julle moet hoog op ’n berg klim en hard skree. Julle moenie bang wees nie, julle moet vir die stede van Juda sê: “Hier kom julle God!

10Kyk, die Here kom, Hy is die Sterk God, Hy kan doen wat Hy wil doen. Kyk, Hy bring sy mense saam, sy volk is by Hom.

11Hy sal vir hulle sorg soos ’n herder vir sy skape sorg. Hy sal die skaap-lammers bymekaarmaak en teen sy bors dra, Hy sal die ooie wat lammers het, so lei dat hulle nie seerkry nie.”

Dink julle iemand kan soos God wees?

12Wie het gesê hoeveel water daar moet wees en hoe groot die lug daarbo moet wees? Wie het gesê hoeveel grond daar moet wees en hoe hoog die berge en die heuwels moet wees?

13Wie mag vir die Here sê wat Hy moet dink, wie mag vir Hom sê wat die regte dinge is wat Hy moet doen?

14Vir wie het die Here gevra wat Hy moet doen? Wie het vir Hom geleer en vir Hom gesê wat die regte ding is om te doen? Wie het vir Hom geleer om alles te verstaan? Niemand.

15Al die volke beteken niks, ook die mense by die see beteken niks. Hulle is soos ’n druppel water uit ’n emmer, hulle is soos ’n bietjie stof op ’n weegskaal.

16Al die hout en al die wilde diere op die Libanon-berg is te min om vuur te maak en vir die Here ’n brand-offer te bring.

17Al die volke is soos niks voor die Here, by Hom is hulle minder as niks, hulle is nul.

18Dink julle iemand kan soos God wees? Wat kan julle langs Hom sit wat soos Hy sal wees?

19Dink julle ’n afgodsbeeld is soos die Here? Nee. ’n Beeld is iets wat ’n ambagsman maak en met goud oortrek en met silwerkettings vasmaak.

20Of ’n beeld is iets wat ’n ambagsman uit harde hout sny en vas laat staan sodat dit nie omval nie.

Wie het die sterre gemaak?

© Bible Society of South Africa.

21Weet julle nie? Het julle nie gehoor nie? Het niemand dit vir julle vertel nie? Kan julle nie verstaan nie? Dit is God wat die aarde gemaak het!

22Sy troon is bokant die hemeldak, en die mense op die aarde lyk vir Hom soos sprinkane. Dit is God wat die hemeldak styftrek, soos ’n spinnekop se net of soos ’n tent.

23Hy maak belangrike mense onbelangrik, Hy laat mense wat regeer, soos niks word.

24Hulle is soos plante: Wanneer hulle nog klein is, dan laat God die warm wind oor hulle waai, en hulle word droog en die stormwind waai hulle weg soos kaf.

25Die heilige God vra: “Dink julle daar is iemand soos Ek? Is daar iemand wat soos Ek is?

26Kyk op. Wie het die sterre gemaak en wie het gesê hoeveel sterre daar moet wees? Wie het vir elke ster ’n naam gegee? Hulle is almal daar omdat Ek die God is wat kan doen wat Ek wil doen.”

Die mense wat in die Here glo, sal nuwe krag kry

27 Nageslag van Jakob, mense van Israel, hoekom sê julle die Here sien nie wat met julle gebeur nie? Hoekom sê julle dit maak nie vir God saak wanneer mense slegte dinge aan julle doen nie?

28Weet julle nie, het julle nie gehoor nie? Die Here is God vir altyd, Hy het die hele wêreld gemaak. Hy word nie moeg nie en Hy rus nie, en niemand kan weet hoeveel die Here weet nie.

29Die Here maak mense weer sterk wat moeg is. Hy laat mense dinge doen wanneer hulle dit self nie meer kan doen nie.

30Seuns sal moeg word, jongmanne sal val,

31maar die mense wat in die Here glo en wat op Hom vertrou, sal nuwe krag kry. Hulle sal vlieg soos arende, hulle sal hardloop en nie moeg word nie, hulle sal aanhou loop, en nie rus nie.

Jesaja 41

Wie het die man uit die ooste laat kom?

1Die Here sê: “Al die mense wat woon in die ver lande by die see, al die volke, julle moet stilbly en julle moet luister na My! Julle moet gereedmaak en nader kom en praat. Ons moet saam praat en hoor wie is reg.

2Wie het die man uit die ooste laat kom, die man wat al die volke en die konings oorwin? Hulle val voor sy swaard en voor sy boog, soos stof of soos kaf wat wegwaai.

© Bible Society of South Africa.

3Hy jaag die volke, niemand stop hom nie, sy voete raak nie aan die grond nie.

4Wie het dit laat gebeur? Wie het van die begin af gesê wat in die wêreld moet gebeur? Dit is Ek, die Here. Ek was eerste, en wanneer die laaste dinge gebeur, dan sal Ek nog die Here wees.

5Al die mense wat in die ver lande langs die see woon, al die mense op die aarde, het gesien wat gebeur. Hulle het bang geword en hulle het nader gekom.

6Hulle help mekaar en sê vir mekaar: 'Ons moet sterk wees.'

7Die manne wat beelde maak, sê vir mekaar: 'Ons het goeie werk gedoen!' En hulle maak die beeld sterk en hulle slaan die beeld vas met spykers sodat dit nie omval nie."

Ek maak julle sterk

8En Ek sê vir julle: "My dienaars, mense van Israel, nageslag van Jakob wat Ek gekies het, nageslag van my vriend Abraham:

9Ek het Abraham uit 'n ver land laat kom en Ek het vir hom gesê: 'Jy is my dienaar, Ek het jou gekies en jou nie vergeet nie.'

10Julle moenie bang wees nie, want Ek is by julle. Julle moenie bang rondkyk nie, want Ek is julle God. Ek sal julle sterk maak en julle help, Ek sal julle vashou met my sterk hand.

11Kyk, almal wat iets sleg wil doen aan julle, sal teleurgesteld wees. Hulle sal nie weet wat om te doen nie. Die mense wat wil hê dit moet sleg gaan met julle, sal word soos niks, hulle sal sterf.

12Die mense wat oorlog maak teen julle, sal word soos niks, julle sal hulle soek en julle sal hulle nie kry nie.

13Ja, Ek, julle God die Here, Ek maak julle sterk, Ek sê vir julle: Moenie bang wees nie, Ek help julle.

14"Julle is so swak soos 'n wurm, julle is min, maar julle moenie bang wees nie, Ek help julle." Dit sê die Here, die Heilige God van Israel.

15"Kyk, Ek het julle soos 'n nuwe dors-slee gemaak, 'n dors-slee wat skerp ysters het. Julle sal berge en heuwels fynmaal en julle sal dit soos kaf maak.

16Julle sal hulle in die lug opgooi, en die stormwind sal hulle wegwaai. Maar julle sal juig omdat die Here julle God is, julle sal die Heilige God van Israel prys."

Ek sal vir hulle gee wat hulle vra

17"Die mense wat hulleself nie kan help nie en wat arm is, soek water, maar daar is nie water nie. Hulle tonge word droog, want hulle is dors. Ek, die Here, sal vir hulle gee wat hulle vra, Ek, die God van Israel, sal hulle nie alleen los nie.

© Bible Society of South Africa.

18Ek sal die water in riviere laat vloei en Ek sal fonteine oopmaak op die plekke waar
daar nou niks plante is nie. Ek sal die droë woestyn verander in ’n plek waar daar
baie water is en waar riete groei.

19Ek sal bome laat groei in die woestyn: sederbome, doringbome, mirteboompies en
olienhout, jenewerbome, essenhoutbome en sipresbome.

20Dan sal die mense wat dit sien, weet dat Ek, die Here, dit gedoen het, Ek, die
Heilige God van Israel.”

Nie een van die gode is regtig ’n god nie

21Die Here, die Koning van Jakob, sê vir die gode: “Sê vir Ons wat julle is. Bewys vir
Ons dat julle gode is.

22Sê vir Ons wat later sal gebeur, of sê vir Ons hoekom die dinge gebeur het wat
voorheen gebeur het. Sê dit vir Ons sodat Ons daaroor kan dink en kan weet wat
later sal gebeur.

23Sê vir Ons wat later sal gebeur, sodat Ons kan weet julle is gode. Ja, doen enige
iets, doen goed of doen sleg, sodat ons dit kan sien en bang kan word vir julle.

24Maar julle is niks en julle kan niks doen nie. Die mense wat sê julle is hulle gode,
doen baie verkeerd.

25“Ek het ’n man uit die noorde en die ooste laat kom. Hy kom en hy aanbid My. Hy
oorwin die mense wat regeer en hy trap op hulle soos ’n pottebakker wat op klei
trap.

26Wie het voor daardie tyd gesê dit sal gebeur sodat Ons dit kon weet en kon sê hy
het reg gepraat? Niemand het dit gesê nie, nie een van julle het ’n woord gepraat
nie, niemand het gehoor julle sê iets nie.

27Dit is Ek wat eerste vir Sion, vir Jerusalem, gesê het: ‘Kyk, julle mense kom terug,
Ek bring vir julle die goeie nuus.’

28Ek het gewag dat die gode moet praat, maar nie een het gepraat nie. Daar was nie
een wat iets geweet het sodat Ek vir hom kon vra en Hy kon antwoord nie.

29Nie een van die gode is regtig ’n god nie, hulle kan niks doen nie, en hulle beelde
beteken niks.”

Jesaja 42

Hier is my dienaar

1Die Here sê: “Hier is my dienaar, Ek hou hom vas, Ek het hom gekies en Ek is lief vir
hom. Ek het my Gees in hom laat kom. My dienaar sal vir die volke gaan sê wat Ek wil
hê hulle moet doen.

© Bible Society of South Africa.

2Hy sal nie vra dat iemand hom moet help nie, hy sal nie hard praat nie, hy sal nie skree in die straat nie.

3Hy sal nie ’n riet breek wat klaar stukkend is nie, hy sal nie ’n vlam doodblaas wat dof brand nie. Hy sal seker maak dat almal weet wat Ek wil hê hulle moet doen.

4Hy sal wees soos ’n vlam wat niemand sal doodblaas nie, ’n riet wat niemand sal breek nie, totdat hy vir almal op die aarde gesê het wat Ek wil hê hulle moet doen. Ook die mense wat in die ver lande by die see woon, wag om te hoor wat hy vir hulle sal leer.”

5God het gepraat. Hy is die Here wat die hemeldak gemaak het en wat dit soos ’n tent styfgetrek het. Hy is die Here wat die aarde gemaak het en alles wat uit die aarde kom. Hy is die Here wat asem en lewe gee aan die mense wat op die aarde is. Hy het gesê:

6“Ek, die Here, het jou geroep om te doen wat Ek wil hê, en Ek hou jou hand vas en Ek beskerm jou. Jy moet my verbond wees met my volk, jy moet die lig wees vir die ander volke.

7Jy moet blinde mense weer laat sien en jy moet die mense laat uitkom wat in donker tronke is.

8Ek is die Here, dit is my Naam. Die mense moet My eer, hulle moet niemand anders eer nie. Hulle moet My prys, hulle moenie die beelde van gode prys nie.

9Alles het gebeur wat Ek voorheen gesê het, en nou sê Ek wat later nog sal gebeur. Ek sê dit vir julle voordat dit begin gebeur.”

Hulle moet ’n nuwe lied sing vir die Here

10Hulle moet ’n nuwe lied sing vir die Here, almal in die wêreld moet Hom prys, die mense op die see en alles in die see, en die mense wat ver van hier langs die see woon.

11Die mense in die woestyn en in die stede in die woestyn, moet die Here prys, die mense in die stede van die land Kedar. Die mense moet juig wat in Sela woon, hoog op die berg, hulle moet op die berge staan en skree.

12Hulle moet die Here eer, die mense wat ver van hier langs die see woon, moet Hom prys.

Ek maak die pad vir hulle gelyk

13Die Here kom soos ’n soldaat wat wil oorlog maak, Hy skree en Hy oorwin sy vyande.

14Die Here sê: “Ek het lank stilgebly, Ek het nie gepraat nie. Maar nou skree Ek hard, Ek haal vinnig asem, soos ’n vrou wat ’n baba kry.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Ek laat al die groen plante droog word op die berge en heuwels, Ek laat die riviere
en die riet-moerasse droog word.

16Ek laat blinde mense loop op ’n pad wat hulle nie geken het nie, Ek lei hulle na
plekke waarvan hulle nie geweet het nie. Ek verander die donker voor hulle, Ek maak
dit lig, Ek maak die pad vir hulle gelyk. Dit is die dinge wat Ek doen, Ek sal aanhou om
dit te doen.

17Die mense wat dink dat beelde hulle kan help, en wat vir die beelde sê: ‘Julle is
ons gode,’ daardie mense sal teleurgesteld wees, hulle sal nie weet wat om te doen
nie.”

Niemand is so blind soos die dienaars van die Here nie

18“Julle wat nie wil hoor nie, julle moet luister, julle wat nie wil sien nie, julle moet
kyk en sien.

19My dienaars, my boodskapper wat Ek stuur, is blind en doof, niemand is so blind
en so doof soos hulle nie. Niemand is so blind soos die volk wat Ek gestraf het nie,
niemand is so blind soos die dienaars van die Here nie.

20Hulle het baie gesien en gehoor, maar hulle het gemaak of hulle niks sien of hoor
nie.

21Die Here wou hê hulle moet doen wat Hy wil hê. Daarom is sy wette belangrik, Hy
het dit vir hulle verduidelik.

22Maar hulle het ’n volk geword wat uit hulle land moes gaan, die vyande het hulle
toegesluit in gate en tronke. Die vyande het hulle weggevat, en niemand het dit
gekeer nie, niemand het gesê dat die vyande hulle moet teruggee nie.

23Is daar iemand wat luister? Hoor iemand wat Ek nou sê?

24Wie het gesê die vyande kan ons, die Israeliete, wegvat? Ons is die nageslag van
Jakob. Dit is die Here wat dit gesê het. Ons het sonde gedoen teen Hom, ons het nie
gelewe soos Hy wil hê nie, ons het nie gedoen wat Hy vir ons geleer het nie.

25Daarom het die Here baie kwaad geword vir die Israeliete. Hy het vyande laat kom
om oorlog te maak teen sy volk. Die vlamme het hulle gebrand van al die kante, maar
hulle het nie besef hoekom dit gebeur nie.”

Jesaja 43

Julle is baie belangrik vir My

1Maar, Israeliete, nageslag van Jakob, nou sê die Here, Hy wat julle gemaak het:
“Julle moenie bang wees nie, want Ek maak julle vry. Ek het julle geroep, Ek het julle
name genoem, julle is Myne.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2Wanneer julle deur water moet gaan, dan is Ek by julle, riviere sal nie oor julle vloei nie. Wanneer julle deur vuur moet gaan, dan sal die vlamme julle nie brand nie.

3Ja, Ek is julle God die Here, Ek is die Heilige God van Israel wat julle red. Ek gee die mense van die lande Egipte, Kus en Seba in julle plek sodat julle vry kan word.

4Ek gee ander volke in julle plek, want julle is baie belangrik vir My, en Ek is lief vir julle.

5Julle moenie bang wees nie, want Ek is by julle, Ek sal julle en julle kinders bymekaarmaak en Ek sal julle bring uit die ooste en uit die weste.

6Ek sal vir die mense in die noorde sê: Julle moet my volk teruggee! En Ek sal vir die mense in die suide sê: Julle moenie my volk vashou nie! Bring my seuns en my dogters van ver, van oral op die aarde.

7Bring elkeen wat Ek geroep het sodat hy aan My sal behoort, bring elkeen wat Ek gemaak het sodat hy My sal eer."

Niemand kan julle wegvat van My nie

8Die Here sê: "Julle moet my volk hiernatoe laat kom, die volk wat oë en ore het, maar wat nie wil sien nie en nie wil hoor nie.

9Al die volke moet hier bymekaarkom. Is daar een god by hulle wat kon sê wat sal gebeur of wat lank gelede gebeur het? As daar so 'n god is, dan moet hy praat en hy moet bewys dat hy 'n god is. Almal moet dit hoor en sê: 'Hy praat die waarheid.'

10My volk, julle is die mense wat weet wie Ek is, julle is my dienaars, Ek het julle gekies. Ek het dit gedoen sodat julle sal weet wie Ek is en My sal glo en sal verstaan. Daar was nie 'n ander god vóór My nie, en daar sal nie 'n ander god ná My wees nie.

11Ek, Ék is die Here. Daar is nie 'n ander god wat julle kan red nie.

12Dit is Ek wat met julle gepraat het en wat julle gered het. Daar was nie 'n ander god by julle nie. Julle weet Ek is God. Dit sê die Here.

13Ook hierna sal Ek nog altyd God wees. Niemand kan julle wegvat van My nie. Niemand kan My keer wanneer Ek iets wil doen nie."

Die mense van Babel sal moet vlug

14Die Here praat, die Here wat julle vrygemaak het, die Heilige God van Israel, Hy sê: "Ek het 'n man gestuur om die stad Babel aan te val. Ek het dit gedoen om júlle te help. Die mense van Babel sal huil, hulle sal op hulle skepe klim en vlug.

15Ek is die Here, julle heilige God. Israeliete, Ek het julle gemaak, Ek is julle Koning."

16Die Here praat. Dit is Hy wat 'n pad gemaak het deur die wilde see,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17en wat oorlogkarre en perde gestuur het, en ook baie en sterk soldate. Maar hulle is dood, hulle lê daar. Hulle sal nie weer opstaan nie, hulle is weg, soos die vlam van ’n lamp wat dood is.

Ek laat ’n nuwe ding gebeur

18Die Here sê: “Julle moenie net dink aan wat voorheen gebeur het nie.

19Ek laat ’n nuwe ding gebeur, dit sal nou gebeur, en julle weet dit: Ja, Ek maak ’n pad deur die woestyn, en Ek laat riviere daar vloei.

20Die wilde diere sal My eer, ook die jakkalse en volstruise, want Ek gee water in die woestyn, sodat die volk wat Ek gekies het, water sal hê om te drink.

21Die volk wat Ek vir Myself gemaak het, sal vir almal vertel dat Ek God is.”

Julle het nie hard probeer om My te dien nie

22“ Nageslag van Jakob, Israeliete, julle het gebid, maar julle het nie tot My gebid nie, julle het julleself moeg gemaak, maar julle het dit nie vir Mý gedoen nie.

23Julle het nie brand-offers van skape of bokke gebring om Mý te eer nie. Ek het julle nie hard laat werk om ete-offers vir My te bring nie, Ek het julle nie moeg gemaak om vir My wierook-offers te bring nie.

24Julle het nie kalmoes gekoop en vir My die vetste stukke van julle offer-vleis gegee nie, nee, julle het My moeg laat word oor al julle sondes.

25Maar Ek is die God wat julle vergewe dat julle opstandig is teen My en Ek dink nie aan julle sondes nie.

26Kom ons kyk wie is reg, bewys vir My dat julle reg is.

27Julle eerste voorvader het al klaar sonde gedoen, die mense wat met My moes praat en wat moes sê wat julle sê, was opstandig teen My.

28Daarom het Ek gesê die priesters sal My nie meer kan dien nie, en het Ek vyande gestuur om die nageslag van Jakob dood te maak, en om die Israeliete te spot.”

Jesaja 44

Ek sal my Gees en my seën op julle nageslag laat kom

1“Maar nou moet julle luister, nageslag van Jakob, my dienaars, Israeliete, Ek het julle gekies.”

2Dit is die Here wat praat, Hy wat vir julle gemaak het, wat vir julle liggame gegee het voordat julle gebore is, dit is Hy wat vir julle help. Die Here sê: “Nageslag van Jakob, my dienaars, nageslag van Jesurun, Ek het julle gekies, julle moenie bang wees nie,

3want Ek sal dit laat reën op die droë grond, daar sal strome water vloei. Ek sal my Gees na julle nageslag toe stuur en Ek sal hulle seën.

© Bible Society of South Africa.

4Hulle sal gebore word en groei soos die gras en soos die populierbome langs die riviere.

5Hulle sal sê: ‘Ons behoort aan die Here,’ en hulle sal dit op hulle hande skryf. Hulle sal hulleself noem ‘die nageslag van Jakob, die volk Israel.’ ”

6Dit is die Here wat praat, die Koning van Israel wat hulle vrymaak, die Here wat oor alles regeer. Hy sê: “Ek was altyd God en Ek sal altyd God wees, daar is nie ’n ander God nie.

7Wie is soos Ek? As daar ’n ander God is, dan moet hy praat. Hy moet vir My sê wat het gebeur vandat Ek lank gelede my volk gemaak het, en Hy moet sê wat nog sal gebeur.

8Julle moenie skrik nie, julle moenie bang wees nie, Ek het dit lank gelede vir julle gesê, en julle weet Ek is God. Is daar ’n ander God? Nee, daar is nie een nie, nie een wat kan doen wat hy sê nie. Ek weet daar is nie ’n ander God nie.”

Kom terug na My toe

9“Al die mense wat beelde maak, is self niks. Hulle is lief vir die beelde, maar die beelde beteken niks. Hulle sê die beelde is gode, maar hulle sal teleurgesteld wees, want die beelde kan nie sien nie en hulle weet niks.

10Wie maak ’n god, ’n beeld wat niks beteken nie? Wie is so dom?

11Almal wat so ’n god aanbid, sal teleurgesteld wees. Dit is mense wat die god gemaak het, en dan kom hulle bymekaar en wag dat die god iets moet sê, maar hulle hoor niks en hulle is teleurgesteld.

12Die man wat met yster kan werk, maak die yster warm in die vuur en hy slaan die yster met ’n hamer en hy maak ’n beeld met sy sterk hande. Hy word ook honger en moeg en baie dors.

13Die man wat met hout kan werk, meet die hout en hy teken die beeld. Hy kap en meet totdat die beeld soos ’n mens lyk, ’n mooi mens, en dan sit hy die beeld in ’n tempel.

14Die man kap ’n sederboom af, of hy kies ’n ander boom en hy wag totdat die boom groot word tussen die ander bome in die bos, of hy plant ’n boom, en die boom word groot as dit reën.

15Hy maak vuur met die hout en hy maak hom warm, maar hy bak ook brood en hy maak ’n god en hy buig voor die god.

16Hy maak vuur met party van die hout, en dan braai hy vleis en eet totdat hy genoeg geëet het. Hy maak hom warm en hy sê: ‘Ek het lekker warm geword, die vuur het lig gemaak, en ek kon sien.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Van die hout wat oorbly, maak hy ’n god. Hy buig voor die beeld en hy bid tot die beeld en sê: ‘Red my, want jy is my god.’

18Mense wat dit doen, is baie dom. Hulle oë is toe en hulle weet nie wat hulle doen nie.

19Hulle is baie dom, hulle het nie gedink dat hulle vuur gemaak het met party van die hout en brood gebak het op die kole en vleis gebraai en geëet het, en dat hulle ’n afgod gemaak het van die hout wat oorgebly het, en dat hulle nou buig voor ’n droë stuk hout nie.

20Iemand wat dit doen, kul homself, hy kan homself nie red nie. Hy besef nie dat die god wat hy van hout gemaak het, kan verbrand nie, dit beteken niks.

21 Nageslag van Jakob, Israeliete, julle moet hieraan dink, want julle is my dienaars. Ek het julle gemaak, julle is my dienaars, Ek sal julle nie vergeet nie.

22Julle was opstandig, julle het baie sonde gedoen, maar Ek het dit alles laat verdwyn soos ’n miswolk. Kom terug na My toe, want Ek het julle vrygemaak.

23Die hemel moet juig, want die Here het dit gedoen. Diep plekke onder die aarde, julle moet skree, berge en bosse en elke boom in die bos, julle moet vrolik wees en juig, want die Here het die nageslag van Jakob vrygemaak, Hy het vir die Israeliete gewys dat Hy die Koning is.”

Ek self sal Jerusalem weer bou

24Dit is die Here wat praat. Hy het julle vrygemaak, Hy het vir julle liggame gegee voordat julle gebore is. Hy sê: “Ek is die Here, Ek het alles gemaak, Ek alleen het die hemeldak gemaak, Ek het dit styfgetrek soos ’n tent. Niemand was by My toe Ek die aarde gemaak het nie.

25Ek wys vir die mense dat hulle niks weet nie, die mense wat sê wat sal gebeur. Almal sal lag vir die mense wat dink hulle weet wat ander mense nie kan weet nie.

26Ek sê my dienaar het die waarheid gepraat, en alles sal gebeur wat my boodskappers gesê het. Ek sê vir Jerusalem: Daar sal weer mense in jou woon, en Ek sê vir die stede van Juda: Mense sal julle weer bou. Jerusalem is nou net ’n hoop klippe, maar Ek self sal Jerusalem weer bou.

27Ek sê vir die diep see en die riviere: Julle moet droog word.

28En Ek sê vir Kores hy moet my skape, my volk, oppas. Hy sal doen wat Ek wil hê hy moet doen. Hy sal vir Jerusalem sê: Die mense moet jou weer bou, en hy sal vir die tempel sê: Hulle moet jou fondamente weer bou.”

Jesaja 45

Die Here sê vir Kores: Ek sal jou lei

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Die Here praat met Kores, die man wat Hy gesalf het. Die Here het hom gehelp om volke te oorwin. Konings het opgehou om oorlog te maak teen Kores en die poorte van stede het vir hom oopgegaan.

[2]Die Here sê vir Kores: “Ek sal jou lei en Ek sal jou pad gelyk maak. Ek sal die poorte van koper en yster breek sodat jy kan ingaan.

[3]Ek sal vir jou die goed gee wat die ander konings weggesteek het in donker plekke. Dan sal jy weet Ek is die Here wat jou geroep het en wat jou naam genoem het, Ek is die God van Israel.

[4]Ek het dit gedoen om my dienaars te help. Hulle is die nageslag van Jakob, die Israeliete, Ek het hulle gekies. Ek het jou geroep en Ek het jou naam genoem. Jy het My nie geken nie, maar Ek gee vir jou ’n spesiale naam.

[5]Ek is die Here, daar is nie nog ’n ander Here nie. Net Ek is God. Jy het My nie geken nie, maar Ek maak jou sterk om oorlog te maak.

[6]Dan sal al die volke weet dat net Ek God is. Ek is die Here, daar is nie ’n ander Here nie.

[7]Ek laat dit lig word of donker word, Ek laat dit goed gaan of sleg gaan, Ek, die Here, doen dit alles.

[8]Ek sal vrede gee soos reën uit die wolke in die lug, soos water uit die fonteine in die grond. Dit sal goed gaan, en almal sal reg doen. Ek, die Here, sal dit doen.”

Kores sal my stad weer bou

[9]Dit sal sleg gaan met iemand wat wil stry met die God wat hom gemaak het en wat vir God wil sê Hy doen verkeerd. So iemand is soos ’n stuk van ’n kleipot wat gebreek het. Die klei kan nie praat met die pottebakker en sê: “Wat maak jy? Jy werk nie reg nie.”

[10]Dit sal sleg gaan met iemand wat vir sy pa en sy ma sê: “Ek is julle kind, maar hoekom lyk ek so?”

[11]Dit is die Here wat praat, die Heilige God van Israel. Hy het Israel gemaak. Hy sê: “Hoekom vra julle wat sal gebeur en wie my kinders is? Hoekom wil julle vir my sê wat Ek moet doen?

[12]Ek het die aarde gemaak en die mense daarop. My hande het die hemeldak gemaak en Ek het dit styfgetrek soos ’n tent, en Ek het gesê al die sterre moet daar wees.

[13]Ek het vir Kores gestuur om te doen wat Ek wil hê en Ek maak al sy paaie gelyk. Hy sal my stad weer bou en hy sal my mense laat terugkom, my mense wat nou in ander lande is. Niemand sal hom betaal om dit te doen nie.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Net die Here kan mense red

14Die Here sê vir die Israeliete: “Ek gee vir julle al die koring van die land Egipte en al
die geld van die handelaars van die land Kus. Die groot manne van die land Seba sal
kom. Julle sal hulle hande vasbind, en hulle sal voor julle buig en sê: ‘Regtig, God is
by julle, en daar is nie ’n ander God nie, nie een nie.’ ”

15Niemand sien U nie, o God, maar U is die God van Israel, U red vir Israel.

16Die mense wat beelde van gode gemaak het, is teleurgesteld, hulle voel verneder
en skaam.

17Maar die Here het die Israeliete gered vir altyd. Hulle sal nooit teleurgesteld wees
en nie weet wat om te sê nie.

18Ja, dit is die Here wat praat. Hy het die hemel en die aarde gemaak. Hy het die
aarde gemaak, maar Hy wil nie hê die aarde moet leeg wees nie. Nee, Hy het die
aarde gemaak sodat daar mense kan woon. Hy sê: “Ek is die Here, daar is nie ’n
ander Here nie.

19Ek het gepraat waar almal My kon hoor, Ek het nie in ’n donker plek gepraat nie. Ek
het nie vir die nageslag van Jakob gesê hulle moet My dien op ’n plek waar Ek nie is
nie. Ek, die Here, praat wat reg is, Ek sê wat regtig sal gebeur.

20Israeliete, julle wat van die ander volke wegvlug, julle moet bymekaarkom, julle
moet saam nader kom en kom luister. Die ander volke weet dit nie, die mense
wat houtbeelde saam met hulle dra en bid tot gode wat hulle nie kan red nie.

21Sê vir hulle en laat hulle besluit: Wie is dit wat lank gelede gesê het wat sal gebeur?
Dit is Ek, die Here. Daar is nie ’n ander God nie. Daar is nie nog ’n God wat regtig God
is en wat mense kan red nie.

22Almal op die aarde, julle moet na My toe kom, Ek wil julle red. Ek is God, daar is nie
’n ander God nie.

23Ek het vir Myself belowe, Ek het dit vas besluit, en dit sal gebeur: Elke knie sal voor
My buig, elke mens sal my Naam noem.

24Hulle sal sê: ‘Net die Here kan mense red en sterk maak.’ Almal wat nou sê hulle is
kwaad vir die Here, sal nie weet wat om te sê wanneer hulle voor Hom kom staan
nie.

25Maar die hele nageslag van Israel sal aan die Here behoort. Hulle sal wees soos Hy
wil hê hulle moet wees, en hulle sal bly wees daaroor.”

Jesaja 46

Dink julle daar is iemand wat soos God is?

© Bible Society of South Africa.

1“Bel en Nebo, die gode van die mense van Babel, het geval, hulle is dood. Ander
mense sit die gode op diere, en die diere dra swaar.

2Altwee gode het geval, hulle kan self niks dra nie, en die mense vat hulle weg na ’n
ander land.

3“ Nageslag van Jakob, Israeliete wat nog lewe, luister na wat Ek sê. Ek het julle gedra
vandat julle gebore is.

4Ook wanneer julle oud en grys is, dan sal Ek julle nog dra. Ek het julle gemaak en Ek
sal julle dra, ja, Ek sal julle dra en Ek sal julle red.

5“Wat dink julle, wie is soos Ek en wie kan doen wat Ek doen? Wat dink julle, wie is
soos Ek?

6Daar is mense wat geld uit hulle sak haal en silwer weeg op ’n weegskaal. Hulle
betaal ’n ambagsman om vir hulle ’n god te maak. Dan buig die mense voor die god
en hulle aanbid hom.

7Hulle tel die god op en hulle dra hom en sit hom neer. Die god staan daar en hy kan
nie beweeg nie. Wanneer iemand vir hom vra om te help, dan antwoord die god
hom nie en red hom nie.

8“Israeliete, julle wat opstandig is teen die Here, julle moet daaraan dink en julle
moet dit goed onthou.

9Julle moet dink aan die dinge wat lank gelede gebeur het. Ja, Ek is God, daar is nie ’n
ander God nie. Ek is God, niks is soos Ek nie.

10Dit is Ek wat lank gelede gesê het wat sal gebeur. Ek het dit gesê lank voordat dit
gebeur het. Dit is Ek wat sê Ek het besluit en dit sal gebeur, Ek sal doen wat Ek wil
doen.

11Dit is Ek wat uit die ooste ’n man geroep het wat van ver kom soos ’n aasvoël. Ja,
as Ek gesê het iets sal gebeur, dan gebeur dit. Ek doen wat Ek besluit het.

12“Israeliete, julle is hardkoppig, julle doen nie wat reg is nie, maar julle moet luister
na My.

13Ek sal doen wat reg is, Ek sal dit goed laat gaan met julle, en dit sal gou gebeur. Ek
sal dit goed laat gaan met Sion, Ek sal weer trots wees op die Israeliete.”

Jesaja 47

Die Here sal Babel straf

1“Stad Babel, jy was soos ’n meisie wat nie gewerk het nie en wat altyd gekry het wat
sy wil hê. Maar nou moet jy afklim van jou stoel en jy moet op die grond gaan sit.

© Bible Society of South Africa.

2Jy moet ’n maalklip neem en jy moet meel maal, jy moet jou sluier afhaal en jou rok optel en jy moet kaalbeen deur riviere loop.

3“Die mense sal sien jy is kaal en hulle sal vir jou kyk en jou spot. Ek, die Here, sal jou straf. Ek straf almal wat verkeerd doen.”

4Dit is die Here wat ons vrymaak. Sy Naam is die Here wat oor alles regeer, Hy is die Heilige God van Israel.

5“Babel, die mense het gesê jy regeer oor al die lande, maar hulle sal dit nie weer sê nie. Jy moet nou stilbly en in die donker sit.

6Ek was kwaad vir my mense, Ek het gesê my volk is nie meer goed om My te dien nie en Ek het hulle vir jou gegee sodat jy hulle kan oorwin. Jy was nie jammer vir hulle nie, jy het ook die ou mense baie swaar laat kry.

7Jy het gedink jy sal altyd belangrik wees, jy het nie gedink wat met jou kan gebeur nie.

8Jy het gevat wat jy wil hê en jy dink jy is veilig. Babel, jy dink jou mense sal altyd in jou woon en jy sal nie word soos ’n weduwee wat haar kinders verloor het nie. Maar nou moet jy luister.

9Twee dinge sal met jou gebeur, dit sal skielik gebeur, op een dag: Jy sal alleen wees soos ’n weduwee en jy sal al jou mense verloor. Jy het gedink jy kan alles regmaak wanneer jy toor, maar hierdie dinge sal met jou gebeur.

10Jy het gedink dit sal goed gaan as jy slegte dinge doen, jy het gedink niemand sien jou nie, jy het gedink jy is baie slim. Jy het vir jouself gesê: ‘Niemand is soos ek nie.’

11Maar dit sal skielik sleg gaan met jou. Dit sal wees soos ’n storm wat ’n mens nie kan keer nie en dit sal nie help om te probeer toor nie.

12Jy het altyd probeer toor en jy het gedink jy kan wonderwerke doen. Miskien moet jy weer probeer, miskien sal dit help.

13Jy het altyd vir jou slim mense gevra wat jy moet doen, die mense wat na die lug en die sterre kyk en elke maand vir jou sê wat sal gebeur. Jy moet nou weer vir hulle vra om jou te help.

14Maar hulle is soos kaf wat brand, hulle kan hulleself nie red nie. Wanneer die kaf klaar gebrand het, dan bly daar nie kole oor nie, daar is nie kole waar jy kan sit om jouself warm te maak nie.

15So sal dit gaan met al jou slim mense. Jy het altyd vir hulle gevra wat jy moet doen, maar hulle weet self nie wat om te doen nie, hulle kan jou nie red nie.”

Jesaja 48

Van nou af sal julle nuwe dinge by My hoor

© Bible Society of South Africa.

[1]Die Here sê: “ Nageslag van Jakob, julle wat julleself Israel noem en wat uit die Juda-stam kom, julle moet luister na wat Ek sê. Julle noem die Naam van die Here wanneer julle dinge belowe. Julle sê julle dien die God van Israel, maar julle doen dit nie regtig nie.

[2]Julle noem julleself die mense van die gewyde stad en julle dink die God van Israel sal julle help. Sy Naam is die Here wat oor alles regeer.

[3]Maar Ek het lank gelede gesê wat sal gebeur. Ek het dit gesê en Ek het dit gedoen. Dit het skielik gebeur.

[4]Ek het geweet julle is hardkoppig. Julle koppe is so hard soos yster en brons.

[5]Daarom het Ek lank gelede vir julle gesê wat met julle sal gebeur. Julle kan nie sê dat julle afgode hierdie dinge laat gebeur het nie, die beelde wat julle self gemaak het, het dit nie laat gebeur nie.

[6]Julle het gehoor wat Ek gesê het, julle het gesien wat gebeur. Julle moet sê: ‘Ja, dit is waar.’ Van nou af sal Ek nuwe dinge vir julle sê, dinge wat Ek nie voorheen gesê het nie, dinge wat julle nie geweet het nie.

[7]Dit is dinge wat Ek nou sal doen. Ek het dit nie voorheen gedoen nie en Ek het dit nie vir julle gesê nie. Julle kan nie sê dat julle hierdie dinge klaar weet nie.

[8]Julle het dit nie gehoor nie en nie geweet nie. Ek het dit nie vir julle gesê nie omdat Ek weet julle is baie ontrou en julle was altyd opstandig.

[9]Ek het geduldig gebly. Hoekom? Omdat my Naam die Here is. Ek het julle nie laat sterf nie, want Ek wil hê mense moet My eer.

[10]’n Mens smelt silwer om dit skoon te maak, so het Ek julle in die smelt-oond van swaarkry skoongemaak.

[11]Ek het dit gedoen omdat Ek die Here is. Ek sal niks laat ontwy wat aan My behoort nie, Ek gee nie vir iemand anders die eer wat Ek moet kry nie.

[12]“Nageslag van Jakob, Israeliete, Ek het julle geroep, julle moet luister na wat Ek sê. Ek is die Here, Ek is die eerste, Ek is ook die laaste.

[13]Ek het die aarde op sy plek neergesit en Ek het die hemeldak gemaak en Ek het dit styfgetrek soos ’n tent. Ek het gesê die aarde en die hemeldak moet daar wees, en toe was hulle daar.

[14]Nou moet julle almal bymekaarkom en luister. Wie het gesê hierdie dinge sal gebeur? Nie julle gode nie! Ek, die Here, stuur die man van wie Ek hou, hy moet met die stad Babel en sy mense doen wat Ek wil hê.

[15]Dit is Ek wat gepraat het en wat die man geroep het. Ek het gesê hy moet kom, en hy sal kan doen wat hy moet doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Julle moet nader kom en luister na wat Ek sê. Ek het dit van die begin af vir julle
gesê, Ek was daar toe dit begin gebeur het."

Julle moet uitgaan uit Babel

Die Here het my gestuur, Hy het vir my en sy Gees gestuur.

17Ek moet sê dit is die Here wat praat. Hy is die Heilige God van Israel wat vir julle
wil vrymaak. Hy sê: "Ek is julle God die Here wat vir julle leer om te doen wat julle
moet doen, en Ek lei julle op die pad waar julle moet loop.

18As julle gedoen het wat Ek vir julle gesê het, dan sou dit goed gegaan het met julle.
Dan sou alles weer reg gewees het. Dit sou gewees het soos 'n rivier wat vloei of
soos die branders van die see.

19Julle nageslag sou so baie gewees het soos sand, en wanneer vyande julle wou
doodmaak, dan sou Ek hulle gekeer het.

20Julle moet uitgaan uit die stad Babel, julle moet vlug. Julle moet juig en hard skree,
so hard dat al die mense op die aarde dit hoor. Julle moet sê: 'Die Here het
sy dienaars, die nageslag van Jakob, vrygemaak.

21Hulle het nie dors geword toe hulle deur droë plekke geloop het nie. Die Here het
vir hulle water uit 'n rots laat vloei. Hy het die rots oopgebreek, en die water het
daaruit gestroom.'

22Maar dit sal nie goed gaan met die mense wat verkeerd doen nie. Dit het die Here
gesê."

Jesaja 49

Ek moet die nageslag van Jakob terugbring na die Here toe

1Mense wat ver van hier langs die see woon, julle moet luister na wat ek sê: Die Here
het my geroep voordat ek gebore is, ek was nog in my ma se liggaam toe Hy my
naam genoem het.

2Hy het vir my geleer om goed te praat, my woorde is soos 'n skerp swaard, soos 'n
pyl. Maar die Here het gesê ek moet eers stilbly, Hy het my weggesteek soos 'n
swaard of 'n pyl.

3Hy het vir my gesê: "Jy is my dienaar, jy is Israel. Wanneer die mense na jou kyk,
dan sal hulle My eer."

4Ek het gedink: Ek is moeg, ek het nie meer krag nie. Ek het baie hard gewerk, maar
dit het niks gehelp nie. Maar die Here weet wat ek gedoen het, my God sal my
betaal.

5Voordat ek gebore is, het Hy gesê ek moet sy dienaar wees en ek moet die nageslag
van Jakob na Hom toe terugbring, die Israeliete wat nou ver van mekaar woon. Die

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Here het my belangrik gemaak, en dit is my God wat my sterk maak. Hy het nou weer met my gepraat.

6Hy het gesê: “Jy is my dienaar, jy moet die Israeliete terugbring, die mense wat oorgebly het van die stamme van Jakob. Maar dit is nie genoeg nie, jy moet nog meer doen, jy moet die lig vir die ander volke wees, Ek wil al die mense op die aarde red.”

Ek het julle gekies om aan My te behoort

7Die Here praat, die Bevryder van Israel, die Heilige God van Israel. Hy praat met die Israeliete wat dink hulle beteken niks, die ander volke hou niks van hulle nie, en hulle is nou die slawe van die mense wat oor hulle regeer. Die Here sê: “Die konings van die ander lande sal na julle kyk en hulle sal opstaan en buig, want hulle sal weet dat Ek, die Here, doen wat Ek sê. Ek is die Heilige God van Israel en Ek het julle gekies om aan My te behoort.”

Jy sal my verbond wees met my volk

8Die Here het vir my gesê: “Toe Ek besluit het om my volk te red, het Ek geluister na jou gebed en Ek het jou gehelp. Ek beskerm jou en jy sal my verbond wees met my volk. Jy moet hulle roep om terug te kom na die land en om te kom woon op die plekke waar nou niemand is nie.

9Jy moet die gevangenes in donker plekke roep, jy moet vir hulle sê hulle moet uitkom. Hulle sal soos skape loop en wei. Daar sal gras wees op die paaie en op die kaal plekke.

10Hulle sal nie honger of dors wees nie, en die son sal hulle nie brand nie. Ek is jammer vir hulle, Ek sal voor hulle loop, Ek sal hulle versigtig lei na plekke waar waterstrome is.

11Ek sal al my berge gelyk maak sodat daar ’n hoë grootpad sal wees.

12Julle moet kyk, my volk sal van ver kom, party sal kom uit die noorde en party uit die weste, en party uit die land Sinim.”

13Hemel, aarde, berge, julle moet juig en vrolik wees, want die Here laat dit goed gaan met sy volk, Hy help sy mense wat hulleself nie kan help nie.

Ek het my Naam op jou geskryf

14 Sion, jy het gesê: “Die Here het my verlaat, my Here het my vergeet.”

15Maar die Here vra: “Dink julle ’n vrou sal haar baba vergeet? Sal sy nie jammer wees vir haar kind nie? Nee, sy sal dit nie doen nie. Maar as sy miskien haar kind sal vergeet, Ek sal jou nie vergeet nie.

16Sion, jy moet weet, jy is mý stad. Ek het my Naam op jou geskryf, Ek dink altyd aan jou mure.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Jou mense sal vinnig terugkom, en die mense wat jou verwoes en stukkend
geslaan het, sal weggaan.

18Kyk rondom jou, jou mense kom bymekaar en hulle kom na jou toe." Die Here sê:
"Ek belowe: Jou mense sal vir jou so mooi wees soos die dinge waarmee 'n bruid
haarself mooi maak.

19Jy is nou net hope klippe, daar woon nou nie mense in jou nie, en jou land is
verwoes. Maar daar sal nie genoeg plek in jou wees vir al jou mense nie. En die
mense wat jou verwoes het, sal ver weg wees.

20Jou mense wat weg was, sal nou vir jou sê: 'Hier is nie genoeg plek vir ons almal
nie, jy moet vir ons plek maak, ons wil hier woon.'

21En jy sal dink: Van waar kom al hierdie mense? Ek was soos 'n vrou wat nie kinders
kan kry nie, ek was alleen, niemand het van my gehou nie, ek was so alleen soos 'n
weduwee wat haar kinders verloor het. En van waar kom al my mense nou?"

22Die Here sê: "Nou tel Ek my hand op na die volke toe en Ek waai my vlag, en hulle
sal jou seuns en jou dogters na jou toe dra.

23Konings en koninginne sal jou kinders vir jou oppas, hulle sal laag buig voor jou en
hulle sal die stof van jou voete aflek. Dan sal jy weet dat Ek die Here is. Almal wat glo
dat Ek hulle sal help, sal nie teleurgesteld wees nie."

24Wanneer 'n soldaat oorlog gemaak het en dinge gevat het van sy vyande, dan sal
niemand daardie dinge wegvat van hom nie. Wanneer iemand gevangenes goed
oppas, dan sal die gevangenes nie vry kan word nie.

25Ja, die Here sê: "Dit sal miskien gebeur dat iemand die gevangenes kan wegvat van
'n soldaat, of dat 'n soldaat die dinge kan verloor wat hy gevat het. Dit sal nie met
jóú gebeur nie. Ek sal oorlog maak teen die mense wat oorlog wil maak teen jou, en
Ek sal jou kinders red.

26Ek sal die mense straf wat jou verdruk, hulle sal hulle eie liggame se vleis moet eet.
Hulle sal dronk word van hulle eie bloed, soos mense dronk word van nuwe wyn.
Hulle sal weet Ek is die Here wat jou red, Ek is jou Bevryder, Ek is die Sterk God van
Jakob."

Jesaja 50

Dink julle Ek kan julle nie vrymaak nie?

1Die Here sê: "Julle dink Ek het julle weggejaag soos wanneer 'n man skei van sy
vrou. Ek het julle nie weggejaag nie. Julle dink Ek het julle verkoop, soos wanneer 'n
man geld skuld en sy kinders moet verkoop. Ek het julle nie verkoop nie. Julle het
julleself verkoop toe julle baie sondes gedoen het, julle was opstandig teen My, julle
het self weggeloop.

© Bible Society of South Africa.

2Ek het na julle toe gekom om julle te help. Hoekom was daar niemand nie? Ek het julle geroep. Hoekom het niemand geantwoord nie? Dink julle Ek kan julle nie vrymaak nie? Dink julle Ek is nie sterk genoeg om julle te red nie? Julle moet dit weet: Wanneer Ek kwaai praat, dan word die see droog, en die riviere word ’n woestyn. En dan het die visse nie water nie, hulle vrek en stink.

3Dit is Ek wat die lug donker laat word en dan lyk dit of die lug rouklere dra.”

Die Here help sy dienaar

4Die dienaar van die Here sê: “Die Here het vir my geleer om goed te praat. Ek weet wat om te sê sodat mense wat moeg is, weer sterk kan voel. Die Here laat my elke oggend wakker word en Hy maak my ore oop sodat ek goed kan luister.

5Die Here het vir my geleer om te luister, en ek was gehoorsaam aan Hom, ek was nie opstandig nie.

6Die mense het my op my rug geslaan en hulle het my baard uitgetrek, maar ek het stil gestaan. Hulle het probeer om my te verneder en hulle het in my gesig gespoeg, maar ek het nie my gesig weggedraai nie.

7Ja, die Here help my, daarom kon die mense my nie verneder nie. Die Here help my, daarom het ek my gesig hard gemaak soos klip. Ek weet hulle sal my nie verneder nie.

8Die Here sal wys dat ek reg is en dat Hy naby my is. Wie wil my hof toe vat? Kom ons gaan saam daarnatoe. Wie wil my beskuldig? Hy moet kom en dit doen.

9Julle moet dit weet, die Here help my. Wie is dit wat wil sê ek is skuldig? Dit sal sleg gaan met al my vyande. Hulle sal word soos klere wanneer motte dit vreet.

10“Daar is ook mense wat die Here dien en wat luister na my, sy dienaar. Dit gaan sleg met my, dit is donker rondom my, maar daardie mense moet glo in die Here, hulle moet weet dat Hy sal help.

11Maar julle wat vure aansteek om my te brand, julle wat my skiet met brandpyle, julle sal self brand in die vuur wat julle aansteek. Die brandpyle sal in julle steek. Die Here sal dit doen. Julle sal op die grond lê en rol, want julle sal baie pyn hê.”

Jesaja 51

Ek sal dit weer goed laat gaan met Sion

1Die Here sê: “Julle wat wil reg doen, julle moet luister na My. Julle wat My wil dien, julle moet onthou van waar julle kom.

2Julle moet dink aan julle voorvader Abraham en aan Sara, julle is uit haar gebore. Abraham was alleen toe Ek hom geroep het, en Ek het hom geseën, Ek het vir hom ’n groot nageslag gegee.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Regtig, Ek sal dit weer goed laat gaan met Sion. Die stad is nou net hope klippe,
maar Ek sal dit weer daar goed laat gaan. Dit lyk nou soos ’n woestyn, maar Ek sal dit
laat word soos die tuin in Eden. Dit lyk nou soos ’n droë stuk grond, maar dit sal
word soos die tuin van die Here. Die mense in die stad sal vrolik en bly wees. Hulle
sal sing en hulle sal vir My dankie sê.”

Dit is nou die tyd wanneer Ek julle wil red

4“My volk, julle moet luister na My. Al die mense wat aan My behoort, julle moet
hoor wat Ek sê. Ek wil vir julle leer wat julle moet doen en Ek wil hê al die volke moet
weet dat Ek reg besluit. Dit moet vir hulle die lig wees.

5Dit is nou die tyd wanneer Ek wil doen wat reg is, Ek wil julle nou red. Ek regeer oor
al die volke. Die mense in die lande langs die see wag ook dat Ek oor hulle moet
regeer.

6Kyk na die lug daarbo en na die aarde hier onder. Die lug sal verdwyn soos rook, die
aarde sal word soos ou klere, en die mense op die aarde sal sterf soos muggies. Maar
Ek sal julle red, julle sal altyd Myne wees. Ek sal nooit ophou om reg te doen nie.

7“My volk, julle weet wat reg is, julle weet wat Ek wil hê, julle moet luister na My.
Julle moenie bang wees wanneer mense julle spot nie, julle moenie skrik wanneer
mense sleg praat van julle nie.

8Dit sal met hulle gaan soos met ou klere en wol wanneer motte dit vreet. Maar Ek
sal altyd reg doen, en Ek sal mense red, die mense van elke geslag.”

Die Israeliete sal nou terugkom

9Here, U moet wakker word, U moet wakker word. U moet weer sterk wees. U moet
wakker word soos in die tyd toe alles begin het, lank, lank gelede. Dit is U wat
vir Rahab stukkend gekap het, dit is U wat vir Tannin doodgesteek het.

10Dit is U wat die see droog gemaak het, die water van die groot see. Dit is U wat
deur die diep see ’n pad gemaak het sodat die Israeliete daar kon deurgaan toe U
hulle vrygemaak het.

11So sal die Israeliete nou terugkom wanneer U hulle vrymaak. Hulle sal juig en
aanhou om bly te wees wanneer hulle in Sion kom. Hulle sal vrolik wees en lag, hulle
sal nie meer bekommerd wees en nie meer sug nie.

Ek het vir die mense van Sion gesê: Julle is my volk

12Die Here sê: “Dit is Ek wat dit weer goed sal laat gaan met julle. Hoekom is julle
bang vir mense wat kan sterf? Hoekom is julle bang vir mense wat soos gras is en gou
doodgaan?

13Julle het My vergeet, Ek is die Here wat julle gemaak het. Ek het die hemeldak
gemaak en Ek het die aarde op sy plek gesit. Nou hou julle aan om te bewe vir die
mense wat kwaad is vir julle, die mense wat vir julle verdruk en wat vir julle wil

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

doodmaak. Maar waar is daardie mense nou, die mense wat kwaad was en wat vir julle verdruk het? Hulle verdruk julle nie meer nie.

14 Wanneer iemand ’n gevangene is, dan is hy haastig om vry te word. Hy wil nie sterf en afgaan na die doderyk nie, hy wil nie altyd honger wees nie.

15 Ek is julle God die Here wat die water in die see roer sodat die branders wild word. My Naam is die Here wat oor alles regeer.

16 Ek het my woorde in jou mond gesit en Ek het jou toegemaak in die skaduwee van my hand. Ek het die hemeldak gemaak en Ek het die aarde op sy plek gesit. Ek het vir die mense van Sion gesê: Julle is my volk.”

Ek vat die beker uit jou hand

17 Jerusalem, jy moet wakker word, jy moet wakker word en opstaan. Die Here was kwaad vir jou. Hy het jou laat drink uit die beker, die beker van swaarkry wat jou dronk gemaak het. Jy moes die beker leegdrink.

18 Die Here sê: “Jerusalem, jy was soos ’n vrou wat baie kinders gekry het, maar nie een kind het later haar hand geneem en haar gelei nie.

19 Twee dinge het met jou gebeur, en niemand was jammer vir jou nie. Die vyande het jou seergemaak en stukkend geslaan. Die vyande het jou mense laat honger word en het hulle doodgemaak. Wat moet Ek doen sodat dit weer goed kan gaan met jou?

20 Jou seuns het flou geval. Hulle het gelê waar die strate teen die stad se mure kom, soos wildsbokke wat in ’n vangnet gevang is. Dit het gebeur omdat die Here kwaad was, omdat jou God jou wou laat swaarkry.

21 Jy kan jouself nie help nie, daarom moet jy luister. Jy is dronk, maar nie van wyn nie.

22 Jou Here, jou God die Here, praat. Hy sal sy volk help. Hy sê: Kyk, Ek neem die beker uit jou hand, die beker wat jou dronk gemaak het omdat Ek kwaad was vir jou. Jy moenie dit drink nie, jy mag dit los.

23 Maar Ek gee die beker vir die mense wat jou laat swaarkry het, die mense wat vir jou gesê het: ‘Gaan lê, ons wil oor jou loop.’ Jy moes word soos die grond, soos die strate waar die mense loop.”

Jesaja 52

My volk sal my Naam ken

1 Sion, jy moet wakker word, jy moet wakker word, jy moet weer sterk wees. Jerusalem, gewyde stad, jy moet mooi klere aantrek, want mense wat nie besny is nie, mense wat onrein is, sal nie meer in jou kom nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2Jerusalem, jy was soos ’n gevangene. Jy het in die stof gesit en daar was ’n tou om
jou nek. Skud af die stof, maak los die tou.

3Ja, die Here sê: “Ek het julle verkoop, maar Ek het nie geld gekry nie. Ek sal julle
vrymaak, maar Ek sal nie geld betaal nie.”

4Ja, die Here sê: “Eers het my volk na die land Egipte gegaan. Hulle was
daar vreemdelinge. Hulle het niks gedoen aan die Assiriërs nie, maar die Assiriërs
het hulle verdruk.

5En nou, wat sal Ek hier doen?” Die Here sê dit. “Vyande het my volk gevat, maar my
volk het niks aan hulle gedoen nie. My volk se regeerders huil.” Die Here sê dit. “Die
vyande hou die hele dag aan om sleg te praat van My.

6Daarom sal my volk weet wie Ek is, daarom sal hulle daardie dag weet dit is Ek wat
sê: Hier is Ek.”

Gaan weg uit Babel

7Daar kom ’n boodskapper oor die berge. Dit is mooi om te sien hoe hy hardloop. Hy
kom sê daar sal vrede wees. Hy bring goeie nuus, hy kom sê die Here sal sy volk red.
Hy kom sê vir Sion: “Jou God is Koning.”

8Luister, Sion, jou wagte skree, hulle juig almal, want hulle sien self dat die Here
terugkom na jou toe.

9Klippe van Jerusalem, julle moet bly wees, julle moet saam juig, want die Here laat
dit weer goed gaan met sy volk. Hy het Jerusalem vrygemaak.

10Die Here het vir al die volke gewys dat sy heilige arm sterk is. Al die mense op die
aarde sal sien dat ons God ons red.

11Gaan weg uit Babel, loop! Kom uit daardie land. Moenie raak aan daardie onrein
plek nie. Julle wat die tempel-gereedskap van die Here dra, julle moet uitkom, julle
moet rein bly.

12Wanneer julle daar weggaan, dan sal julle nie hardloop nie, julle sal nie vlug nie,
want die Here sal julle lei, die God van Israel sal by julle wees.

Die Here sê sy dienaar sal baie belangrik word

13Die Here sê: “Kyk, my dienaar sal doen wat hy moet doen, hy sal baie belangrik
word.

14Voorheen was baie mense verbaas oor hom. Hy het sleg gelyk, hy het amper nie
meer soos ’n mens gelyk nie.

15Maar toe het hy baie volke regop laat staan, hulle was verbaas, en konings het
opgehou om hom te beskuldig, want hulle het dinge gesien, niemand het vir hulle
daarvan vertel nie, hulle het dinge geweet wat niemand vir hulle gesê het nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Jesaja 53

1Hulle het gevra: “Wie het geglo wat ons gehoor het? Vir wie het die Here gewys Hy
is sterk?

2Hierdie man was soos ’n plantjie wat begin groei het, soos ’n wortel wat in droë
grond begin groei. Hy was soos ’n plantjie wat ons nie raaksien nie, ’n plantjie wat
nie mooi is nie.

3Al die mense het gedink hierdie man is nie belangrik nie en hulle wou hom nie sien
nie. Hy het swaargekry en hy was altyd siek. Die mense het hulle gesig weggedraai,
hulle wou nie na hom kyk nie. Die mense het gedink hy is nie belangrik nie, en ons
het gedink hy beteken niks.

4Maar hy was siek sodat ons gesond kan wees, hy het swaargekry sodat ons nie sal
swaarkry nie. En ons het gedink dit is God wat hom straf en wat hom slaan
en verneder.

5Ja, dit is óns wat opstandig was, maar hulle het hóm met ’n spies gesteek. Dit is óns
wat verkeerd gedoen het, maar hulle het hóm stukkend geslaan. Hy het die straf
gekry sodat dit goed kan gaan met óns, hy het seergekry sodat óns gesond kan wees.

6Ons almal het soos skape en bokke rondgeloop, elkeen het geloop waar hy wou
loop. Ons almal het verkeerd gedoen, maar die Here het daardie man gestraf.

7Die mense het hom verdruk en seergemaak, maar hy het niks gesê nie. Hy was soos
’n skaap wanneer iemand hom wil slag of wanneer iemand sy wol afskeer, hy het
stilgebly en niks gesê nie.

8Hy was ’n gevangene, hulle het gesê hy is skuldig. Was iemand bekommerd oor
hoe dit met hom sal gaan? Nee, niemand nie. Hulle het hom afgesny van die mense
wat lewe, hulle het hom laat swaarkry omdat sy volk opstandig was.

9Hulle het vir hom ’n graf gereedgemaak by skuldige mense, en toe hy sterf, het
hulle hom begrawe by mense wat ander mense se goed gevat het en ryk geword het.
Maar hy het niemand seergemaak nie en hy het niemand bedrieg nie.

10Die Here het besluit dat die dienaar moet seerkry en siek word. Die Here het gesê
hy is ’n skuld-offer. Daarom sal hy lank lewe en ’n nageslag hê. Die Here sal sy
dienaar gebruik om te doen wat die Here wil doen.”

11Die Here sê: “My dienaar het baie swaar gekry, maar hy sal lewe en tevrede wees
dat hy My ken. My dienaar is nie skuldig nie, hy is regverdig, en hy sal belangrike
mense regverdig maak, want hy sal die straf kry vir alles wat hulle verkeerd gedoen
het.

12Daarom sal Ek vir hom ’n plek gee by die belangrike mense. Hy sal saam met die
leiers besluit hoeveel goed elkeen moet kry ná die oorlog. Ek sal dit doen omdat hy

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

tevrede was om te sterf toe almal gedink het dat hy een van die opstandige mense is. Hy het die straf gekry vir die sonde van die belangrike mense, en hy het gebid vir die mense wat opstandig was."

Jesaja 54

My liefde vir jou sal nie verdwyn nie

1Die Here sê: "Jerusalem, jy is soos 'n vrou wat nie kinders kon kry nie, maar jy moet juig en baie bly wees, want jy wat alleen was, sal meer kinders hê as 'n getroude vrou.

2Jy moet jou tent groter maak, jy moet die tentseile wyer maak, jy moet die toue langer maak, en jy moet jou tentpenne sterker maak.

3Want jy sal groter word na al die kante toe, jou nageslag sal ander volke oorwin en hulle sal weer woon in die stede waar nou niemand is nie.

4Jy moenie bang wees nie, jy moenie dink jy beteken niks nie. Jy moenie skaam wees nie, want niemand sal jou weer verneder nie. Jy sal die tyd vergeet toe jy 'n jongmeisie was en toe jy 'n weduwee was, toe ander mense jou gespot het.

5Want die Een wat jou gemaak het, is jou Man, sy Naam is Here wat oor alles regeer. Jou Bevryder is die Heilige God van Israel, sy Naam is God van die hele aarde."

6Jerusalem, jou God sê: "Jy was soos 'n vrou, haar man wou haar nie meer hê nie. Toe Ek jou geroep het, was jy soos 'n vrou met wie 'n man getrou het toe hy nog jonk was, maar later het hy haar weggejaag. Jy was baie hartseer.

7Ek het jou 'n kort tydjie gelos, maar nou neem Ek jou weer terug en Ek is weer baie lief vir jou.

8Ek het kwaad geword en Ek wou jou 'n kort tydjie nie sien nie, maar Ek sal weer jammer wees vir jou en Ek sal altyd lief wees vir jou." Dit sê die Here wat jou vrymaak.

9"Dit is vir My soos die watervloed van Noag. Ek het belowe dat die water van Noag nie weer die aarde sal toemaak nie, en nou belowe Ek dat Ek nie sal aanhou om kwaad te wees vir jou nie. Ek belowe dat Ek nie sal aanhou raas met jou nie.

10Ja, die berge en die heuwels sal verdwyn, maar my liefde vir jou sal nie verdwyn nie. Ek sal ook nie my verbond met jou breek nie, die verbond wat Ek met jou gemaak het toe Ek belowe het dat Ek vir jou vrede sal gee." Dit sê die Here wat jammer is vir jou en wat jou terugneem.

11"Jerusalem, jy is 'n stad wat jouself nie kon help nie. Die stormwinde het oor jou gewaai, niemand het jou gehelp nie. Maar kyk, Ek bou jou klippe vas op mekaar met harde klei, Ek bou jou fondamente van saffier.

© Bible Society of South Africa.

12Ek maak jou torings van robyne en jou poorte van smarag, Ek bou jou muur van edelstene.

13Al die mense wat in jou woon, sal leerlinge van die Here wees, en hulle sal vrede hê.

14Jou mense sal reg doen. Jy moenie bang wees nie, niemand sal jou weer verdruk nie, jy sal nie weer skrik nie.

15Wanneer iemand jou aanval, dan sal dit nie Ek wees wat hom gestuur het nie. Iemand wat jou aanval, sal self val en verloor.

16Dit is Ek wat die ambagsmanne gemaak het, die ambagsmanne wat ’n houtskoolvuur warm blaas en wat wapens maak. Dit is Ek wat die mense gemaak het wat verwoes en afbreek.

17Maar die wapens wat hulle maak om jou aan te val, sal niks kan doen nie, en jy sal wys dat elkeen wat jou vals beskuldig, self skuldig is. Dit sal Ek doen vir die mense wat My dien, Ek sal reg doen aan hulle.” Dit sê die Here.

Jesaja 55

Ek wil aanhou lief wees vir julle

1Die Here sê: “Julle almal wat dors is, julle moet kom na die water. Julle wat nie geld het nie, julle moet kom koop en eet, julle moet wyn en melk kom koop, maar dit kos niks.

2Hoekom betaal julle vir iets wat nie regtig kos is nie? Hoekom werk julle vir iets wat julle nie volmaak nie? Julle moet goed na my luister sodat julle iets kan eet wat goed is, sodat julle lekker kan eet van die beste kos.

3Luister en kom na My toe, luister sodat julle kan lewe. Ja, Ek wil ’n verbond maak met julle, ’n verbond wat vir altyd sal wees. Ek wil aanhou lief wees vir julle soos Ek lief was vir Dawid.

4Want kyk, Ek het vir Dawid gesê hy moet vir die volke wys wie Ek is. Ek het hom ’n koning gemaak wat oor die volke regeer het.

5En kyk, julle sal ’n volk roep wat julle nie ken nie, ’n volk wat julle nie ken nie, sal na julle toe hardloop. Want Ek is julle God die Here, die Heilige God van Israel, en Ek gee weer eer vir julle.”

6Julle moet vir die Here vra wat Hy wil hê, Hy wil dit vir julle sê. Julle moet tot Hom bid, Hy wil hoor wat julle sê.

7Die mense wat verkeerd doen, die mense wat slegte planne het, moet ophou. Hulle moet hulle planne los, en hulle moet terugkom na die Here, na ons God, want die Here is genadig, Hy vergewe altyd weer.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8"Ja, Ek dink nie soos julle dink nie, en Ek doen nie soos julle doen nie.

9Ja, wat Ek dink en doen, is ver bo wat julle dink en doen, soos die hemel ver bo die aarde is.

10Ja, die reën en die sneeu kom uit die hemel en dit gaan nie terug na die hemel nie. Dit maak die aarde nat, en daar groei plante wat saad gee sodat die man wat wil saai, saad het en sodat die man wat wil eet, brood het.

11So sal my woorde wees wat uit my mond kom, dit sal doen wat Ek wil hê. My woorde sal doen wat Ek gesê het hulle moet doen, my woorde sal nie leeg na My toe terugkom nie.

12Ja, julle sal bly wees wanneer julle uit Babel kom, julle sal vrede hê wanneer die Here julle terugbring. Die berge en die heuwels sal bly wees en juig, al die bome in die veld sal hande klap wanneer hulle sien julle kom.

13Daar sal sipresbome en mirtebome groei waar voorheen doringbosse en brandnetels was, en almal sal altyd weet dat die Here dit gedoen het."

Jesaja 56

Die Here sal meer mense saam met die Israeliete bring

1Die Here sê: "Julle moet aanhou doen wat Ek vir julle gesê het. Julle moet reg doen aan ander mense, want Ek sal gou kom om my mense te red. Almal sal dit sien.

2Dit sal goed gaan met iemand wat die Sabbatdag nie ontwy nie, en nooit verkeerde dinge doen nie.

3Daar is mense wat nie Israeliete is nie, en wat My kom dien. Hulle sê: 'Die Here wil nie hê ons moet aan sy volk behoort nie.' En daar is mans wat ontman is. Hulle sê: 'Ek is soos 'n droë boom wat nie vrugte kan dra nie.' Hulle moenie so dink nie,

4want die Here sê: 'Die mense wat ontman is, moet aanhou om my Sabbatdag te vier en om te doen wat Ek wil hê. Hulle moet aanhou lewe soos Ek gesê het toe Ek met die Israeliete 'n verbond gemaak het.

5Dan sal Ek hulle name opskryf in my tempel sodat almal dit altyd sal onthou. Hulle name in die tempel sal vir hulle belangriker wees as seuns en dogters. Hulle name sal altyd daar wees.

6-7En Ek sal die mense wat nie Israeliete is nie en wat My kom dien, op my gewyde berg bring sodat hulle bly sal wees wanneer hulle in die tempel kom bid. Hulle moet lief wees vir my Naam, hulle moet my dienaars wees, hulle moenie die Sabbatdag ontwy nie en hulle moet aanhou lewe soos Ek vir hulle gesê het toe Ek met die Israeliete 'n verbond gemaak het. Ek sal daarvan hou dat hulle op my altaar offers bring, almal sal weet dat al die volke in my tempel kan kom bid.' "

© Bible Society of South Africa.

8Dit is wat die Here gesê het, Hy wat Here is. Vyande het die Israeliete weggejaag uit
hulle land, maar die Here sal die Israeliete bymekaarmaak en Hy sal nog meer mense
saam met hulle bring.

Die leiers van die volk weet nie hoe om hulle werk te doen nie

9"Al die wilde diere in die veld en in die bos, julle moet die leiers van my volk kom
op-eet.

10Die leiers wat die volk moet oppas, is soos honde wat niks sien nie en niks hoor nie,
hulle wil net lê en slaap.

11Hulle is soos honde wat altyd honger is en nooit genoeg kos kry om te eet nie. Of,
hulle is soos skaapwagters wat nie weet hoe om hulle werk te doen nie. Elkeen doen
wat hy wil en hy sorg net vir homself.

12Hulle sê vir mekaar: 'Kom ons drink nog wyn. Môre sal soos vandag wees, nee, dit
sal nog beter wees.' "

Jesaja 57

Julle is opstandig teen die Here

1Die mense wat doen wat die Here wil hê, sterf. Dit is slegte mense wat hulle laat
sterf.

2Mense wat reg lewe, het vrede wanneer hulle sterf en in hulle graf lê.

3Maar julle wat dink julle weet wat ander mense nie kan weet nie, julle wat by ander
mans se vroue slaap, kom hiernatoe.

4Vir wie spot julle, vir wie steek julle tong uit? Oor wie is julle bly omdat dit sleg gaan
met hulle? Julle is opstandig teen die Here en julle is vals.

5Julle dien afgode onder die groot bome, onder elke groen boom. Julle slag julle
kinders en offer hulle in die berge onder die rotse wat oorhang.

6Julle dink die gladde klippe in die valleie sal julle gelukkig maak, en julle bring vir
hulle drank-offers en koring-offers. Die Here vra: "Moet Ek daarmee tevrede wees
en niks doen nie?

7Julle het vir julle beddens gemaak op die hoë berge en julle het daarnatoe opgeklim
om offers te bring.

8Julle het beelde agter die deure in julle huise gesit. Julle het weggegaan van My en
julle het ander gode gedien. Julle is soos 'n slegte vrou wat haar klere uittrek en by
'n ander man in die bed klim, en dit is vir haar lekker om na sy kaal liggaam te kyk.

© Bible Society of South Africa.

9Julle het baie olyf-olie en wierook geneem en julle het die afgod Molek gaan dien. Julle het boodskappers gestuur om nog gode te soek in ver plekke, ook in die doderyk.

10Julle het so baie gesoek dat julle moeg geword het, maar julle het nie opgehou nie. Julle was altyd lus vir nog afgode, daarom het julle aangehou.

11Vir wie was julle bang? Hoekom het julle aangehou om vir My te lieg? Hoekom dink julle nie meer aan My nie? Hoekom is julle nie bang vir My nie? Is dit omdat Ek so lank stilgebly het?

12Julle dink julle het reg gedoen, maar Ek sal nou praat oor wat julle gedoen het, en julle gode sal julle nie kan help nie.

13Dit is julle klomp gode wat julle moet red wanneer dit sleg gaan met julle, maar hulle almal beteken niks, ’n sagte windjie waai hulle weg. Die mense wat wil hê Ek moet hulle beskerm, sal die land kry, en hulle sal op my gewyde berg kom woon.”

Ek sal hulle gesond maak

14Die Here sê: “Julle moet ’n pad bou, julle moet ’n pad bou, julle moet ’n pad maak vir my volk, en julle moet alles wegvat wat in hulle pad is wat hulle keer.”

15Ja, die Here praat. Hy woon hoog in die hemel en Hy lewe vir altyd. Sy Naam is Heilige God, en Hy sê: “Ek woon in die hoë hemel, in die heilige hemel, maar Ek is ook by die mense wat nederig is, by mense wat weet hulle is onbelangrik en niks. Ek gee vir hulle nuwe lewe.

16Ja, Ek sal nie aanhou om hulle te straf nie, Ek sal nie altyd kwaad bly nie, want as Ek kwaad bly, sal hulle nie kan aanhou lewe nie. Die asem wat Ek vir hulle gegee het, sal verdwyn.

17Ek was kwaad omdat hulle nooit tevrede was met die dinge wat hulle het nie. Daarom het Ek hulle geslaan en Ek wou hulle nie sien nie. Hulle was opstandig, hulle het gelewe soos hulle self besluit het.

18Ek het gesien hoe dit met hulle gaan, maar Ek sal hulle gesond maak. Ek sal hulle lei en dit sal weer goed gaan met hulle. Hulle huil en treur nou,

19maar Ek sal hulle laat sing. Dit sal weer goed gaan met hulle, oral waar hulle is, ver of naby. Ek sal hulle gesond maak.” Dit sê die Here.

20“Maar mense wat aanhou om verkeerd te doen, is soos die see wanneer daar ’n storm is. Dan is die water vuil en vol modder.

21Dit sal nie goed gaan met mense wat aanhou om verkeerd te doen nie.” Dit sê my God.

Jesaja 58

© Bible Society of South Africa.

Julle moet vas soos die Here dit wil hê

1Die Here sê: “Jy moet hard skree, so hard soos wanneer iemand ’n ramshoring
blaas. Jy moet vir my volk, die nageslag van Jakob, sê hulle is opstandig, hulle doen
sonde.

2Hulle vra elke dag wat Ek wil hê hulle moet doen, hulle wil graag weet wat Ek vir
hulle wil leer. Hulle doen dit soos mense wat reg wil doen en gehoorsaam wil wees
aan hulle God. Hulle vra Ek moet reg oordeel oor hulle, hulle wil graag hê Ek moet by
hulle wees.

3Maar nou wil hulle weet hoekom Ek nie sien wanneer hulle vas nie, hulle sê
hulle verneder hulle voor My maar Ek sien dit nie. Sê vir hulle: Julle vas, maar julle
dink net aan julleself op daardie dag, en julle laat werk die mense wat vir julle werk,
nog harder.

4Julle vas, maar julle beskuldig julle werkers en julle baklei met hulle. Hulle doen niks
verkeerd nie, maar julle slaan hulle met die vuis. Wanneer julle vas en julle doen
hierdie dinge, dan sal niemand in die hemel luister wat julle bid nie.

5Julle dink Ek wil hê julle moet julle verneder wanneer julle vas. Julle dink Ek wil hê
elkeen moet sy kop laat hang soos ’n biesie en elkeen moet rouklere dra en op die ashoop sit. Julle sê dit is hoe ’n mens moet vas, julle sê dit is waarvan die Here
sal hou.

6Maar as julle wil vas soos Ek wil hê, dan moet julle die mense vrymaak
wat gevangenes en slawe is maar wat niks verkeerd gedoen het nie. Julle moet die
toue breek wat hulle vashou en julle moet die jukke afhaal van hulle nekke.

7Julle moet vir honger mense van julle kos gee en julle moet mense wat hulleself nie
kan help nie en wat nie huise het nie, inbring in julle huise. Julle moet klere gee vir
mense wat nie klere het nie. En julle moenie maak of julle nie sien dat dit julle eie
mense is nie.

8Dan sal dit ook lig word in julle lewens, so lig soos wanneer die son opkom, en dit
sal gou beter gaan met julle. Almal sal sien julle doen reg, en die Here self sal julle
beskerm.

9Wanneer julle dit doen en dan roep, dan sal die Here antwoord. Wanneer julle vra
Hy moet help, dan sal Hy sê: ‘Hier is Ek.’ As julle ophou om mense te laat swaarkry en
om ander mense te beskuldig en oor hulle te lieg,

10en as julle jammer is vir ’n mens wat honger is en swaarkry, en julle gee vir hom
genoeg kos om te eet, dan sal julle lig hê in die donker. Julle nag sal soos die helder
dag wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Die Here sal julle altyd lei en Hy sal vir julle genoeg gee, ook op plekke waar daar nie plante groei nie. Hy sal julle sterk maak. Julle sal wees soos tuine waar daar baie water is, soos fonteine wat altyd water het.

12Julle sal die hope klippe vat wat baie lank hier lê, en julle sal weer vir julle huise bou, en mure vir die stad. Almal sal sê julle is die mense wat stukkende mure weer bou en wat paaie regmaak sodat julle in die land kan woon."

'n Fees om die Here te dien

13"Julle moet niks verkeerd doen op die Sabbatdag nie, julle moenie op my gewyde dag doen wat julle wil nie. Die Sabbatdag moet vir julle 'n feesdag wees, julle moet die gewyde dag van die Here respekteer. Julle moet die dag respekteer en nie doen wat julle op ander dae doen nie, julle moenie doen en praat wat julle wil nie.

14Dan sal dit vir julle 'n fees wees om die Here te dien. Hy sal julle oor die hoogste plekke laat ry. Hy sal julle laat eet van die koring en die vrugte van die land van julle voorvader Jakob." Ja, dit het die Here gesê.

Jesaja 59

Julle sondes staan tussen julle en julle God

1Julle dink dit is die Here wat julle nie kan red nie, julle dink dit is Hy wat julle nie kan hoor nie.

2Maar dit is julle sondes wat tussen julle en julle God is. Dit is hoekom Hy julle nie wil hoor en julle nie wil sien nie.

3Julle het mense vermoor, daarom is julle onrein. Julle lieg en julle praat sleg oor ander mense.

4Daar is niemand wat eerlik praat nie, niemand wat regverdig oor mense oordeel nie. Hulle straf mense oor dinge wat die mense nie gedoen het nie. Hulle laat mense swaarkry wat nie verkeerd gedoen het nie.

5Hulle is soos mense wat slange se eiers uitbroei. As jy 'n slang se eiers eet, dan sal jy sterf, en as jy op die eiers druk, dan kom daar slange uit. Hulle is ook mense wat drade maak soos spinnekoppe,

6maar hulle kan nie klere maak van die drade nie, en hulle kan hulle nie daarmee toemaak nie. Alles wat hulle doen, is sonde, hulle hou aan om slegte dinge te doen aan mense.

7Hulle doen graag slegte dinge, hulle maak graag mense dood. Hulle dink net aan verkeerde dinge om te doen, hulle verwoes en breek alles waar hulle gaan.

© Bible Society of South Africa.

8Hulle weet nie hoe om vrede te maak nie, en ook nie hoe om reg te doen aan ander
mense nie. Hulle lewe verkeerd, mense wat lewe soos hulle lewe, sal nie vrede hê
nie.

Ons sondes wys ons is skuldig

9Daarom is daar by ons niks wat reg is nie, en niemand by ons doen reg nie. Ons het
gewag vir lig, maar daar is net donker, ons het gehoop die lig sal skyn, maar ons loop
in die donker.

10Ons vat-vat aan die muur soos blinde mense, ons voel rondom ons soos mense wat
nie kan sien nie. Ons val in die helder dag soos wanneer dit donker is. Ons is soos
dooie mense tussen gesonde mense.

11Ons brom almal soos bere, ons hou aan om te kla soos duiwe. Ons wag dat mense
weer reg sal doen aan ons, ons wag dat iemand ons moet help, maar dit gebeur nie.

12Dit is omdat ons so baie opstandig was teen U. Ons sondes wys ons is skuldig, ons
weet ons was baie opstandig, ons ken ons sondes.

13Ons was opstandig teen die Here, ons het gemaak of ons Hom nie ken nie, ons het
weggedraai van ons God. Ons het planne gemaak om slegte dinge te doen aan
mense en om opstandig te wees teen die Here. Ons het gedink watter leuens ons kan
vertel.

14Niemand van ons het reg gedoen aan ander mense nie, niemand was regverdig
nie. Niemand het die waarheid gepraat in ons strate nie, daar was nie plek vir iets
wat reg is nie.

15Ja, almal het leuens vertel. Wanneer iemand opgehou het om verkeerd te doen,
dan het ander mense alles gevat wat hy het.

Die Bevryder sal na Sion kom

Die Here het alles gesien. Hy was kwaad omdat niemand reg doen nie.

16Hy het dit gesien en Hy was verbaas dat niemand iets wil doen om dit te verander
nie. Daarom het Hy dit self gedoen, met sy eie krag.

17Die Here het gereedgemaak om reg te doen en om ons te red, Hy wou sy vyande
straf oor die dinge wat hulle gedoen het, want Hy was baie kwaad.

18Hy sal sy vyande straf, ook die vyande in die ver lande langs die see, want Hy is
kwaad oor alles wat hulle gedoen het aan sy volk.

19Al die mense, van die weste tot die ooste, sal bang word wanneer hulle die Naam
van die Here hoor, want hulle sal weet Hy is die Koning. Hy sal kom soos ’n vol rivier
en soos ’n stormwind.

20Die Bevryder sal na Sion kom, na die mense in Juda wat ophou om opstandig te
wees. Dit sê die Here.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Die Here sê: “Ek belowe dat my Gees en my woorde by julle sal bly, en ook by julle nageslag, nou en altyd.”

Jesaja 60

Jou lig het gekom

1Jerusalem, jy moet opstaan, jy moet jou lig laat skyn, want jou lig het gekom, die lig van die Here self sal op jou skyn.

2Ja, kyk, dit is donker oor die aarde, oor al die volke. Maar die Here gee vir jóú lig, sy lig kom na jou toe.

3Nou sal die volke en die konings lewe in jou lig, die lig van jou nuwe dag.

4Jerusalem, kyk rondom jou, jy sal sien jou seuns en jou dogters kom van ver. Mense dra hulle, en hulle kom almal bymekaar, hulle kom na jou toe.

5Wanneer jy dit sien, dan sal jy baie bly wees. Jou hart sal vinnig klop en jy sal bly word, want al die duur en mooi dinge van die volke sal joune word. Dit sal na jou toe kom oor die see.

6Daar sal baie kamele na jou toe kom, kamele van die lande Midian en Efa. Hulle sal almal van die land Skeba kom en hulle sal goud en wierook bring. Die mense sal die Here prys.

7“Al die skape en bokke van die land Kedar sal joune word, die ramme van die land Nebajot sal aan jou behoort. Ek wil graag hê dat jy hulle op my altaar moet offer, en Ek sal trots wees op my pragtige tempel.”

8Wie is dit wat daar nader kom soos ’n wolk? Wie kom soos duiwe wat na hulle neste vlieg?

9Jerusalem, dit is jou seuns wat van ver kom, hulle kom van die ver lande langs die see. Hulle kom met skepe, en hulle bring goud en silwer saam. Hulle kom om jou God die Here te eer, die Heilige God van Israel, en Hy sal vir jou ook eer gee.

10“Mense van ander lande sal jou mure bou, en hulle konings sal vir jou werk, want Ek het jou gestraf toe Ek kwaad was, maar Ek wil graag weer goed wees vir jou.

11Jou poorte sal elke dag en nag oop wees sodat die duur en mooi dinge van die volke na jou toe kan kom, en sodat die volke hulle konings na jou toe kan lei.

12Dit sal sleg gaan met die volke wat jou nie dien nie, die vyande sal hulle lande verwoes, en hulle stede sal hope klippe word.

13Die hout van die beste bome op Libanon-berg sal na jou toe kom, sipreshout, plataanhout en dennehout, en dit sal my tempel mooi maak, Ek sal die plek waar Ek woon, pragtig maak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Die mense wat jou verdruk het en wat gedink het jy beteken niks, sal na jou toe kom en laag voor jou buig. Hulle sal jou noem ‘Stad van die Here, Sion wat behoort aan die Heilige God van Israel.’

15Daar het niemand in jou gewoon nie, niemand wou deur jou loop nie. Maar nou sal almal trots wees op jou, elke nuwe geslag sal bly wees oor jou.

16Volke en hulle konings sal jou oppas soos ’n ma haar kind oppas, en jy sal weet Ek is die Here wat jou red, die Sterk God van Jakob is jou Bevryder.

17Jerusalem, jy het nou brons, maar Ek bring vir jou goud, jy het yster, maar Ek bring silwer, jy het hout, maar Ek bring brons, jy het klip, maar Ek bring yster. Ek sal vir jou vrede gee, jou mense sal reg doen aan mekaar.

18Niemand sal weer kan sê dat iemand slegte dinge doen aan die mense in jou land nie en niemand sal jou huise verwoes en afbreek nie. Jy sal sê jou mure se naam is ‘Die Here red,’ en jou poorte se naam is ‘Prys die Here.’

19In die dag sal die son nie meer vir jou lig gee nie en die maan sal nie meer op jou skyn nie. Maar die Here sal altyd jou lig wees, jou God sal vir jou eer gee.

20Jou son sal nie ondergaan nie, jou maan sal nie kleiner word nie, want die Here sal altyd die lig wees vir jou. Die tyd is verby toe jy moes huil en treur.

21Jou mense sal almal doen wat die Here wil hê, en die land sal altyd aan hulle behoort. Hulle sal wees soos ’n loot wat die Here geplant het, ’n loot wat Hy self geplant het om Hom te eer.

22’n Paar mense sal wees soos 1 000 mense, die swakste mense sal wees soos ’n sterk volk. Ek sal dit gou laat gebeur wanneer Ek so besluit, Ek is die Here.”

Jesaja 61

Goeie nuus vir mense wat swaarkry

1Dit is die Gees van die Here wat my lei, Hy wat Here is, want die Here het my gesalf. Hy het my gestuur om goeie nuus te bring vir mense wat swaarkry, om mense te troos wat huil en treur, om vir gevangenes wat geboei is, te sê hulle is vry, hulle mag uitgaan.

2Ek moet vir almal sê dit is nou die tyd wanneer die Here goed sal wees vir ons. Ons God sal sy vyande straf maar Hy sal dit goed laat gaan met almal wat nou huil en treur.

3Hy sal alles verander vir die mense van Sion wat nou treur. Daar is nou as op julle koppe, maar julle sal blomme op julle koppe hê. Julle treur nou, maar julle sal bly wees en julle sal olyf-olie aan julle smeer. Julle voel nou baie hartseer, maar julle sal sing en fees-klere aantrek. Ander mense sal sê julle, die mense van Sion, is bome

© Bible Society of South Africa.

wat regtig is soos die Here wil hê hulle moet wees. Die Here het hulle geplant om Hom te eer.

4Julle sal die stede weer bou, die stede wat nou net hope klippe is, die plekke wat lank gelede verwoes is en wat baie jare lank so stukkend gelê het.

5Mense uit ander lande sal vir julle werk. Hulle sal julle skape en bokke oppas en in julle lande en wingerde werk.

6Julle self sal priesters van die Here wees, mense wat vir ons God werk. Die duur en mooi dinge van die volke sal aan julle behoort, en julle sal dit geniet en lekker eet.

7Ander mense het julle verneder en hulle het gesê julle beteken niks, maar julle sal twee maal meer kry as wat julle voorheen gehad het, en mense sal sê julle is baie belangrik. Julle sal in julle land twee maal meer hê as ander mense en julle sal altyd bly wees.

8Die Here sê: “Ek, die Here, is lief vir wat reg is, maar Ek haat mense wat ander mense se goed steel en wat nie reg doen aan hulle nie. Ek sal alles vir my volk gee wat Ek vir hulle belowe het, Ek sal ’n verbond met hulle maak, ’n verbond wat altyd sal aanhou.

9Die ander volke sal die nageslag van my volk ken. Almal wat die mense van hierdie geslag sien, sal weet die Here seën hulle.”

10Die Here het my baie bly gemaak, my God het my laat juig. Hy het my gered en gesê ek mag weer aan Hom behoort. Hy het vir my fees-klere aangetrek, ek is soos ’n bruidegom wat ’n kroon dra soos ’n priester, ek is soos ’n bruid wat haar juwele aansit.

11Daar kom nuwe bome uit die aarde, daar groei nuwe plante in ’n tuin, so sal die Here alles laat groei wat reg is. Ja, Hy sal al hierdie dinge doen. Al die volke sal hoor hoe prys sy mense Hom.

Jesaja 62

Stad waarvan die Here hou

1“Jerusalem, omdat Ek lief is vir jou, sal Ek nie stilbly nie. Ek sal aanhou totdat jy is wat Ek wil hê jy moet wees, totdat Ek jou gered het. Dit sal soos helder lig wees vir jou, soos ’n fakkel wat brand.

2Die volke en hulle konings sal sien jy is soos Ek wil hê jy moet wees en jy is ’n sterk stad. Hulle sal vir jou ’n nuwe naam gee, die Here het self daardie naam gekies.”

3Die Here sal jou vashou soos ’n baie mooi kroon, soos die tulband van ’n koning.

4Mense het jou en jou land genoem “Die stad waar nie meer mense woon nie,” en “Die land wat verwoes is.” Hulle sal jou nou nie meer so noem nie. Hulle sal jou nou

© Bible Society of South Africa.

noem “Die stad waarvan die Here hou,” en hulle sal jou land noem “Die land wat aan die Here behoort.” Want die Here hou van jou, en jou land behoort aan Hom.

5Soos ’n jongman met ’n meisie trou, so sal jou mense sê jy behoort aan hulle. Soos ’n bruidegom bly is oor sy bruid, so sal jou God bly wees oor jou.

6“Jerusalem, Ek het wagte op jou mure gesit, en hulle moet nooit stilbly nie, elke dag en nag.” Julle wat sê die Here is julle God, julle moenie stilbly nie,

7julle moet aanhou om vir die Here te vra totdat Hy Jerusalem sterk gemaak het, die stad oor wie almal op die aarde sing.

8Die Here het sy regter-hand opgelig, sy sterk arm, en Hy het belowe Hy sal nie weer Jerusalem se koring vir die vyande gee nie, die vyande sal dit nie eet nie. Mense van ander lande sal nie meer julle wyn drink nie, die mense van Jerusalem het hard gewerk om daardie wyn te maak.

9Die mense wat die koring afsny, sal die brood eet en die Here prys. Die mense wat die druiwe pluk en die wyn maak, sal dit drink by die gewyde tempel van die Here.

Stad waarin mense wil woon

10Julle moet kom, julle moet deur die poorte kom, julle moet ’n pad maak vir die volk. Julle moet die pad bou en die klippe uit die pad gooi, julle moet ’n vlag opsteek sodat die volke dit kan sien.

11Die Here praat nou met al die mense op die aarde. Hy sê hulle moet vir Sion sê: “Kyk, jou Redder kom, en Hy bring sy volk saam met Hom, hulle is die mense wat aan Hom behoort.”

12Die volk se naam sal wees: “ Gewyde Volk,” die Here het hierdie volk vrygemaak, en Jerusalem se naam sal wees: “Stad waarvan mense hou,” dit is die stad waar mense wil woon.

Jesaja 63

Ek sal my mense red

1Wie is hierdie persoon wat uit die land Edom kom, uit die stad Bosra? Wie se klere is so vol rooi kolle? Wie is dit wat die klere van ’n koning dra en wat hier aankom en lyk of hy baie sterk is? Die Here het gesê: “Dit is Ek wat kom sê Ek het die oorlog gewen en Ek sal my mense red.”

2Maar hoekom is u klere so rooi? Hoekom lyk dit of U druiwe getrap het in ’n parskuip?

3Die Here het gesê: “Ek het alleen druiwe getrap in die parskuip, daar was niemand saam met My nie. Ek was kwaad en Ek het die volke getrap, Ek het hulle plat getrap, en hulle bloed het op my klere gespat. My klere het vol bloed geword.

© Bible Society of South Africa.

4Dit is nou die regte tyd. Ek wou my vyande straf en my volk vrymaak.

5Ek het gekyk en Ek was verbaas, daar was niemand om My te help nie. Toe het Ek dit self gedoen. Ek was kwaad en Ek het dit self gedoen.

6Ek was kwaad en Ek het volke plat getrap, Ek het hulle doodgetrap en hulle bloed in die grond laat wegvloei."

Ek wil vertel wat die Here gedoen het

7Ek wil vertel wat die Here gedoen het omdat Hy lief was vir ons, ek wil Hom prys oor wat Hy gedoen het. Ek wil praat oor alles wat die Here vir ons gedoen het. Hy het aangehou om goed te doen aan die volk Israel, Hy het dit gedoen omdat Hy jammer was vir hulle en baie lief was vir hulle.

8Die Here het gesê: "Regtig, hulle is my volk, hulle is kinders wat nie vir My sal lieg nie." Daarom het Hy hulle gered,

9elke maal wanneer dit sleg gegaan het met hulle. Hy was nie hulle vyand nie, Hy was 'n Engel, en Hy self het hulle gered. Hy het hulle vrygemaak omdat Hy lief was vir hulle en jammer was vir hulle. Hy het hulle opgetel en gedra, elke dag, lank gelede.

10Maar hulle was opstandig, hulle het sy Heilige Gees hartseer gemaak. Toe het die Here verander. Hy het hulle vyand geword en Hy het teen hulle oorlog gemaak.

11Hy het gedink aan lank gelede, aan Moses en sy volk. Die Here het sy volk deur die see gebring saam met Moses, die leier van sy volk. Die Here het sy Heilige Gees saam met hulle laat gaan,

12Hy het sy krag vir Moses gegee en Hy het die water voor hulle oopgemaak. Die mense sal dit altyd onthou.

13Die Here het sy volk deur die diep see laat loop. Nie een se voet het vasgesit nie, hulle het geloop soos 'n perd op droë grond.

14Die Gees van die Here het ons tot by ons woonplek gebring. Hy het ons gelei soos beeste wat ondertoe loop in 'n vallei. Die mense sal dit altyd onthou.

Is U nie meer lief vir ons nie?

Maar waar is die Here nou?

15Here in die hemel, kyk na ons uit u gewyde en pragtige woonplek. Is U nie meer lief vir ons nie? Is U nie meer sterk nie? Is U nie meer bekommerd oor ons nie? Is U nie meer jammer vir ons nie?

16Ja, U is ons Vader. Abraham of Jakob is nie ons vader nie. Hulle weet nie van ons nie. Here, U is ons Vader, U is nog altyd ons Bevryder, dit is u Naam.

17Here, hoekom laat U ons weggaan van u pad? Hoekom maak U ons hardkoppig sodat ons U nie dien nie? Kom terug na ons toe, na u dienaars, die stamme wat aan U behoort.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18U gewyde volk het net ’n kort tydjie in die land gewoon. Toe het ons vyande
gekom en hulle het u tempel verwoes.

19Ons het geword soos mense oor wie U nooit regeer het nie, soos mense wat nie
aan U behoort nie.

Jesaja 64

1U moet die hemel oopskeur en afkom, sodat die berge voor U bewe.

2U moet kom soos ’n vuur wat hout aan die brand steek, ’n vuur wat water laat kook.
Dan sal u vyande u Naam ken en die volke sal voor U bewe.

3Lank gelede het U wonderwerke gedoen, ons het nie gedink U sal dit doen nie. U
het afgekom, en die berge het gebewe.

4Ons het nooit voorheen van so iets gehoor nie, niemand het ’n ander god gesien
wat hierdie dinge doen vir die mense wat in hom glo nie.

5U help graag die mense wat doen wat reg is, en wat bly is daaroor, die mense wat
onthou hoe U wil hê hulle moet lewe. Maar U het kwaad geword toe ons sonde
gedoen het. Sal U ons weer red?

6Ons almal het soos onrein mense geword, alles wat ons reg probeer doen, is nog
soos vuil klere. Ons almal is soos blare wat droog is en verlep het en ons sondes is
soos ’n wind wat ons wegwaai.

7Niemand het U aanbid nie, niemand het probeer om vas te hou aan U nie. Daarom
het U weggekyk van ons, U het ons laat wegsmelt omdat ons sonde gedoen het.

8Maar, Here, U is ons Vader. Ons is die klei, en U is die Pottebakker. U het ons almal
gemaak.

9Here, U moenie aanhou om vir ons kwaad te wees nie, U moenie altyd aan ons
sondes dink nie. Kyk asseblief na ons, onthou ons almal is u mense.

10U gewyde stede het ’n woestyn geword, Sion het ’n woestyn geword, daar is nie
mense in Jerusalem nie.

11Ons gewyde, pragtige tempel het verbrand, die plek waar ons voorvaders U
geprys het. Al ons mooi huise het hope klippe geword.

12Here, U sien hierdie dinge, wil U niks doen om ons te help nie? Wil U altyd net
stilbly en ons laat swaarkry?

Jesaja 65

Ek sal hulle straf oor hulle sondes

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Die Here sê: “Ek wou mense help, mense wat My nie gevra het nie, Ek het mense na
My toe gebring, mense wat My nie gesoek het nie. Hulle was mense wat My nie
aanbid het nie, maar Ek het vir hulle gesê: ‘Hier is Ek, hier is Ek.’

2Ek het my hande na hulle toe uitgesteek, elke dag, maar hulle was opstandige
mense, hulle het ’n pad geloop wat nie goed is nie, hulle het gedoen wat hulle wil.

3Hulle was mense wat My hartseer gemaak het, hulle was altyd teen My. Hulle het
vir afgode offers gebring, hulle het wierook gebrand op plat klippe.

4Hulle bly in die nag in grafte, hulle kruip daar weg. Hulle eet varkvleis, daar
is onrein vleis in hulle borde,

5maar hulle sê: ‘Moenie naby ons kom nie, moenie aan ons raak nie, want ons
is gewyd.’ Hierdie mense is soos rook in my neus, soos ’n vuur wat die hele dag
aanhou brand.

6Ek het dit opgeskryf. Ek sal nie stilbly nie, Ek sal hulle straf. Ek sal hulle straf

7oor hulle eie sondes en oor die sondes van hulle voorvaders wat op die berge
wierook gebrand het en My beledig het. Ek sal hulle straf oor hulle sondes wat hulle
voorheen gedoen het.”

Ek sal nie almal weggooi nie

8Maar die Here sê ook: “Wanneer iemand druiwekorrels in ’n druiwetros kry wat
wyn kan word, dan sê hy: ‘Moenie dit weggooi nie, ons moet dit hou.’ Ek sal
dieselfde doen met my dienaars, Ek sal nie almal weggooi nie.

9Ek sal vir Jakob, vir Juda, ’n nageslag gee wat my berg kan kry. Die berg sal behoort
aan die mense wat Ek gekies het en wat My dien, hulle sal daar woon.

10My mense sal vra wat Ek wil hê hulle moet doen, en hulle skape en bokke en
beeste sal in Saron en in die Akor-vallei wei en genoeg eet.

11-12“Maar julle wat weggegaan het van die Here, julle wat my gewyde berg vergeet
het, Ek sal julle straf, want julle het offers gebring vir die afgode Gad en Meni, Ek
het julle geroep, maar julle het nie geantwoord nie. Ek het gepraat, maar julle het nie
geluister nie. Julle het gedoen wat verkeerd is, julle het gekies om dinge te doen
waarvan Ek nie hou nie. Julle sal moet sterf. Julle sal moet kniel sodat mense julle
kan doodmaak.”

13Ja, die Here sê: “My dienaars sal kos hê om te eet, maar júlle sal honger wees, my
dienaars sal water hê om te drink, maar júlle sal dors wees, my dienaars sal feesvier,
maar júlle sal ver weg bly staan.

14My dienaars sal juig, want hulle sal gelukkig wees, maar júlle sal skree en vra dat
iemand julle moet help, julle sal huil, want julle sal ongelukkig wees en baie pyn hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Ek, die Here, sal julle doodmaak, maar Ek sal vir my dienaars ’n nuwe naam gee.
Die mense wat Ek gekies het om Myne te wees, sal julle name gebruik as hulle mense
wil vervloek.

16Elkeen in die land wat bid dat dit met hom goed moet gaan, elkeen wat iets
belowe, sal my Naam noem, want Ek is die God wat doen wat Ek belowe. Dit sal nie
weer so sleg gaan met hulle nie, Ek dink nie meer aan die dinge wat voorheen gebeur
het nie.”

‘n Nuwe hemel en ’n nuwe aarde

17“Ek sal nou ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde maak. Niemand sal weer dink aan
hierdie hemel en aarde wat nou hier is nie, niemand sal dit onthou nie.

18Maar julle moet vrolik wees en altyd juig oor wat Ek nou wil doen, want Ek sal nou
’n nuwe Jerusalem maak, ’n Jerusalem wat juig. Sy mense sal vrolik wees.

19Ek sal ook juig oor Jerusalem, Ek sal vrolik wees oor my volk, want hulle sal nie
meer huil en skree nie, hulle sal nie vra dat iemand hulle moet help nie.

20Kinders sal nie jonk sterf nie, almal sal oud word. As iemand sterf wanneer hy 100
jaar is, dan sal mense sê hy was jonk. Maar as ’n sondaar 100 jaar oud word, dan sal
dit die hele 100 jaar sleg gaan met hom.

21My mense sal self woon in die huise wat hulle bou, en hulle sal self die druiwe eet
van die wingerde wat hulle plant.

22Ander mense sal nie in hulle huise woon en hulle druiwe eet nie. Ek het my mense
gekies om aan My te behoort, hulle sal so oud word soos bome, en hulle sal self die
vrugte eet van die bome wat hulle geplant het.

23Hulle sal nie werk totdat hulle moeg is en niks kry daarvoor nie, en hulle sal nie
kinders kry met wie dit sleg sal gaan nie, want Ek sal dit goed laat gaan met hulle en
met hulle kinders.

24Ek sal hulle antwoord voordat hulle My roep. Hulle sal net begin bid, dan sal Ek
doen wat hulle vra.

25Wolwe en lammers sal saam wei, leeus sal gras vreet soos beeste, en die slange se
kos sal stof wees. Hulle sal nie op my gewyde berg iets verkeerd doen nie, hulle sal
niks breek nie.” Dit sê die Here.

Jesaja 66

Julle was nie gehoorsaam nie

1Die Here sê: “Wanneer Ek in die hemel op my troon sit, dan is my voete op die
aarde. Dink julle dat julle vir My ’n huis kan bou waar Ek kan woon?

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2Ek het alles gemaak met my eie hande, en toe was dit daar.” Dit sê die Here. “Die
mense wat hulleself nie kan help nie, is belangrik vir My. Hulle is mense wat weet dat
hulle nie belangrik is nie, hulle bewe wanneer Ek praat.

3Julle offer bulle vir My, maar julle vermoor ook mense. Julle offer lammers vir My,
maar julle offer ook honde vir die afgode. Julle bring koring-offers vir My, maar julle
offer ook varkbloed vir die afgode. Julle offer wierook vir My en julle prys My, maar
julle prys ook die afgode. Julle het besluit om te doen wat júlle wil doen, julle hou
van die slegte dinge wat julle doen.

4Ek het ook besluit, Ek het besluit om julle te straf en julle baie swaar te laat kry. Ek
doen dit omdat Ek julle geroep het, maar julle het nie geantwoord nie. Julle was nie
gehoorsaam toe Ek gepraat het nie. Julle het dinge gedoen waarvan Ek nie hou nie.”

Jerusalem sal vir julle soos ’n ma wees

5Julle wat bewe wanneer die Here praat, julle moet luister na wat die Here sê: “Party
van julle eie mense haat julle en hulle wil julle nie ken nie omdat julle My dien. Hulle
sê: ‘Die Here moet vir ons wys Hy is God, sodat ons kan sien hoekom julle so bly is.’
Maar die mense wat dit sê, sal jammer wees.”

6Luister hoe raas dit in die stad en in die paleis. Dit is die Here wat sy vyande straf
oor die dinge wat hulle gedoen het.

7Dink julle ’n vrou kan ’n baba kry en nie geboortepyne hê nie?

8Nee, wie het al gehoor dat so iets gebeur? Dit het nog nooit gebeur nie. ’n Land en
’n volk begin nie lewe in een dag nie. Maar Sion het nog net begin geboortepyne kry,
toe was haar kinders klaar gebore.

9Jou God die Here sê: “Al die kinders kom van My af, dit is Ek wat besluit dat ’n vrou
kinders sal kry.

10Julle wat lief is vir Jerusalem, julle almal wat oor die stad huil en treur, julle moet
vrolik en bly wees,

11want Jerusalem is soos ’n vrou wat haar kinders aan haar borste laat drink en hulle
veilig laat voel. Sy sal julle laat drink en laat lewe, want sy is baie sterk.”

12Ja, die Here sê: “Ek sal kom, Ek sal dit goed laat gaan en al die duur en mooi dinge
van die volke vir Jerusalem gee. Dit sal soos ’n vol rivier na die stad kom. Jerusalem
sal vir julle wees soos ’n ma wat haar kinders laat drink en hulle dra en hulle op haar
skoot laat sit.

13Soos ’n seun veilig voel by sy ma, so sal Ek julle veilig laat voel. Julle sal veilig wees
in Jerusalem.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Julle sal sien dit gebeur met julle en julle sal bly wees, julle sal nuwe lewe kry soos groen gras.” Almal sal sien die Here is by sy dienaars, maar Hy is kwaad vir sy vyande.

Die Here sal sy vyande straf

15Ja, julle moet kyk, die Here sal kom. Hy sal kom, Hy sal sy oorlogkarre bring en Hy sal kom, Hy sal kom in vuur en stormwinde. Hy is kwaad en Hy sal sy vyande straf en hulle brand.

16Die Here sal kom in vuur om al die mense te straf. Hy sal hulle doodmaak met sy swaard. Hy sal baie mense laat sterf.

17Die Here sê: “Die mense sal sterf, al die mense wat hulleself reinig en wat gereedmaak om ná mekaar in die tuine te gaan offer, al die mense wat varkvleis eet en akkedisse en muise.

18Ek weet wat hulle doen en wat hulle dink. Ek sal kom en al die volke bymekaarmaak. En hulle sal kom en hulle sal weet dat Ek God is.”

Julle nageslag en julle naam sal altyd voor My wees

19“Ek sal ’n teken vir hulle gee, en Ek sal party van hulle wat oorgebly het, stuur na die volke wat ver is en wat nog nie gehoor het van My nie, die volke wat nie weet dat Ek God is nie. Hulle sal vir die mense van die lande Tarsis en Pul vertel dat Ek God is, ook vir die mense van Lud wat so goed met ’n pyl en boog kan skiet, en ook vir die mense van Tubal en Griekeland.

20Hulle sal julle familie bring uit al die volke. Hulle sal kom op perde en oorlogkarre en dra-stoele en muile en kamele. Hulle sal kom na my gewyde berg, na Jerusalem. Hulle sal ’n present vir My wees, soos die koring-offer wat die Israeliete na die tempel bring in ’n rein skottel.

21Ek sal party van hulle kies om my priesters en Leviete te wees.” Dit sê die Here.

22Die Here sê ook: “Julle nageslag en julle naam sal altyd by My wees, soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek sal maak.

23Al die mense sal elke Nuwemaan-fees en elke Sabbatdag kom om voor My te buig.

24Wanneer hulle weer uit die stad gaan, dan sal hulle die lyke sien van die mense wat opstandig was teen My. Die wurms sal aanhou om die lyke te vreet, en die vuur sal aanhou om hulle te brand. Almal wat hulle sien, sal bewe en bang wees.”

© Bible Society of South Africa.

Jeremia

Jeremia 1

Die Here het met Jeremia gepraat

1 Die dinge wat Jeremia gesê en gedoen het. Jeremia was ’n seun van Gilkija, een van die priesters in die stad Anatot, in die land Benjamin.

2 Die Here het met Jeremia gepraat in die tyd toe Josia seun van Amon koning was in Juda. Dit was in die dertiende jaar nadat Josia koning geword het.

3 Die Here het ook met Jeremia gepraat in die tyd toe Josia se seun Jojakim koning was in Juda, en die Here het met Jeremia gepraat tot die einde van die elfde jaar nadat Josia se seun Sedekia koning geword het in Juda. In die vyfde maand van daardie jaar het vyande die mense van Jerusalem oorwin en weggevat na ’n ander land.

‘n Profeet vir die volke

4 Die Here het vir my gesê:

5 “Ek het jou gekies voordat Ek jou gemaak het. Ek het jou gewy aan My voordat jy gebore is, Ek het jou aangestel om ’n profeet vir die volke te wees.”

6 Maar ek het gesê: “Ag, Here, my Here, ek kan nog nie goed praat nie, want ek is ’n kind.”

7 Toe sê die Here vir my: “Jy moenie sê jy is ’n kind nie, want Ek stuur jou na mense toe, en jy moet na hulle almal toe gaan en jy moet alles sê wat Ek vir jou sê.

8 Jy moenie bang wees vir die mense nie, want Ek sal by jou wees om jou te red.” Dit is wat die Here gesê het.

9 Toe het Hy sy hand uitgesteek en aan my mond geraak en vir my gesê: “Kyk, Ek sê vir jou wat jy moet sê.

10 Jy moet dit weet, Ek kies jou vandag en Ek sê vir jou wat om te doen met volke en lande: Jy moet uitruk en afbreek, jy moet doodmaak en verwoes, jy moet bou en plant.”

Jeremia sien ’n amandeltak

11 Die Here het vir my gevra: “Jeremia, wat sien jy?” en ek het gesê: “Ek sien ’n tak van ’n wakkerboom.”

12 Toe sê die Here vir my: “Jy het reg gesien, want Ek bly wakker om te doen wat Ek gesê het.”

Jeremia sien in die noorde ’n pot wat oorkook

13 Die Here het ’n tweede maal met my gepraat en gevra: “Wat sien jy?” en ek het gesê: “Ek sien in die noorde ’n pot wat kook, dit kook oor hiernatoe.”

© Bible Society of South Africa.

14Toe sê die Here vir my: “Ek sal uit die noorde iets laat gebeur. Dit sal almal laat swaarkry wat in hierdie land woon.

15Ja, Ek roep nou al die konings van die lande in die noorde. Hulle sal kom, en elkeen sal sy troon neersit voor die poorte van Jerusalem, Jerusalem met sy sterk mure. Hulle sal begin om die mense van Jerusalem te oordeel en te straf, en ook die mense van die stede van Juda.

16So sal Ek die mense in die land oordeel en straf oor al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het. Hulle het opgehou om My te dien. Hulle het wierook-offers gebring vir ander gode en hulle het beelde aanbid wat hulle self gemaak het.”

Die Here maak Jeremia sterk

17“Jeremia, jy moet nou begin, jy moet gereedmaak en vir die mense alles sê wat Ek vir jou sê. Jy moenie vir hulle skrik nie, want dan sal Ek jou baie meer laat skrik vir hulle.

18Wat Ek sal doen, is dit: Ek maak jou vandag sterk, so sterk soos ’n stad wat sterk mure het, soos ’n ysterpilaar en ’n muur van brons. Jy sal sterk wees teen die hele land, teen die konings, teen die amptenare en priesters van Juda, en teen al die belangrike mense in die land.

19Hulle sal met jou baklei, maar hulle sal jou nie wen nie, want Ek is by jou om jou te red.” Dit is wat die Here gesê het.

Jeremia 2

Die Here sê: My volk het My gelos en hulle het afgode aanbid

1Die Here het met my gepraat en vir my gesê:

2“Gaan praat met die mense van Jerusalem. Hulle moet goed hoor wat jy sê. Jy moet vir hulle sê Ek sê: “Jerusalem, jy was vir My soos ’n bruid. So onthou Ek jou. Jy was lief vir My toe jy jonk was, toe jy my bruid was. Jy het saam met My geloop in die woestyn, die plek waar mense nie koring saai nie.

3 Israel is net Myne, hulle is soos die eerste koring-are, en Ek sal almal swaar straf wat van hierdie koring-are eet.” Dit het die Here gesê.

4 Nageslag van Jakob, al die families van Israel, julle moet luister na wat die Here sê.

5Die Here vra: “Wat het Ek verkeerd gedoen teen julle voorvaders? Hoekom het hulle weggegaan van My? Hoekom het hulle saam met afgode geloop, afgode wat niks beteken nie? So het julle voorvaders self niks geword.

6“Hulle het nie gevra: “ ‘Waar is die Here wat vir ons uit Egipte gebring het, die Here wat ons deur die woestyn gebring het?’ nie. Dit is ’n droë plek waar dit baie gevaarlik is, ’n plek waar daar nie water is nie en waar dit donker is, ’n plek waar niemand kom nie en waar niemand woon nie.

© Bible Society of South Africa.

7Ek het julle gebring in ’n land vol vrugtebome waar julle lekker kon eet van alles,
maar toe het julle my land onrein gemaak. Julle het die land wat aan My behoort,
vuil gemaak met julle sonde.

8Die priesters moes vir die mense sê wat Ek wil hê, maar hulle het nie gevra waar Ek
is nie, hulle het My nie geken nie. Die mense wat oor my volk moes regeer, was téén
My. Die profete het boodskappe van Baäl gebring, en hulle het afgode gedien wat
niks beteken nie.

9Daarom beskuldig Ek julle weer, julle en julle nageslag.

10Ek sê vir julle: Gaan kyk tot in die verste lande, in die Kittiër-eilande en in Kedar,
gaan vra of so iets al daar gebeur het.

11Het ’n volk sy gode gelos en ander gode gekies, goed wat nie regtig gode is nie?
Nee. Maar my volk het My, die ware God, gelos en afgode gekies wat niks beteken
nie.

12Hieroor moet almal in die hemel so groot skrik dat hulle hare regop staan, hulle
moet bang wees en bewe.

13Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen. Ek wou vir hulle die water gee
wat hulle sal laat lewe, maar hulle het My nie meer gedien nie en hulle het vir
hulleself watergate uitgekap, gate wat nie water kon hou nie.

14Is die mense van Israel slawe? Is hulle slawe se kinders? Hoekom het mense hulle
weggevat uit hulle stad?

15Die vyande van die Israeliete was soos leeus wat brul. Hulle het die mense
weggevat uit die land, hulle het die stede verwoes, daar het niemand oorgebly nie.

16Mense van Juda, die soldate uit die stede Nof en Tagpanges in Egipte sal ook alles
wegvat uit julle land.

17Dit sal gebeur, want julle het verkeerd gedoen. Julle God die Here het julle gelei op
julle pad, maar julle het Hom gelos.

18Julle wil nou in Egipte gaan water drink uit die Sigor-rivier of in Assirië uit die
Eufraat-rivier, julle wil vra dat daardie mense julle moet help, maar hulle sal julle nie
help nie.

19Julle het verkeerd gedoen, julle was opstandig teen My, daarom sal Ek julle straf.
Julle sal weet en sien hoe sleg en bitter dit is nadat julle My, julle God die Here, gelos
het en My nie meer respekteer en dien nie.” Dit het die Here gesê, die Here wat oor
alles regeer.

20Hy sê: “Ja, julle was nog altyd soos beeste wat hulle jukke breek en hulle stroppe
stukkend ruk en sê: ‘Ons wil nie vir ons eienaar werk nie.’ Julle het afgode gedien op
elke hoë heuwel en onder elke groen boom.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Ek het julle self geplant, julle was goeie wingerdstokke. Maar kyk nou hoe het julle
verander! Julle het wilde wingerdstokke geword wat slegte druiwe dra.

22Julle kan julle was met die sterkste seep, met baie seep, maar Ek sal nog altyd sien
dat julle sonde julle vuil gemaak het." Dit sê die Here, Hy wat Here is.

23"Julle sê julle het julleself nie onrein gemaak nie, julle sê julle het nie met die Baäls
saamgegaan nie. Maar kyk wat het julle gedoen in die Hinnom-vallei. Julle het
gemaak soos 'n jong kameel-koei wat by 'n bul wil kom. Sy loop heen en weer,

24sy hardloop in die woestyn in en ruik waar 'n bul is, niemand kan haar keer nie. 'n
Bul wat haar soek, kry haar maklik wanneer dit vir haar die regte tyd is om by 'n bul
te kom.

25Julle loop ver om die afgode te soek, julle loop totdat julle skoene stukkend is. Julle
word dors op die pad na hulle toe, maar julle sê: 'Dit maak nie saak nie, ons is lief vir
die gode van ander volke en ons sal saam met hulle gaan.'

26Wanneer 'n dief gevang word, dan weet hy nie wat om te doen nie. So sal dit ook
gaan met die volk Israel en met hulle konings, hulle amptenare, hulle priesters en
hulle profete.

27Hulle is mense wat vir 'n stuk hout of vir 'n klip sê: 'Jy is my pa, ek is jou kind.' Ja,
hulle het hulle rug na My toe gedraai, nie hulle gesig nie. Maar wanneer dit sleg gaan
met hulle, dan sê hulle: 'Kom red ons!'

28Maar waar is julle gode wat julle vir julle gemaak het? Hulle moet kom en julle red
wanneer dit sleg gaan met julle, as hulle dit kan doen. Want, Juda, julle het net so
baie gode gehad soos stede.

29Hoekom sê julle dit is my skuld dat dit sleg gaan met julle? Dit is julle almal wat
opstandig was teen My." Dit het die Here gesê.

30Hy sê: "Ek het julle kinders gestraf, maar hulle het nie geluister nie. Julle het julle
profete doodgemaak soos leeus diere doodmaak."

31Julle wat nou lewe, julle moet hoor wat sê die Here: "Was Ek vir die Israeliete soos
'n woestyn of soos 'n donker land? Hoekom sê my volk: 'Ons het weggegaan van U,
ons wil nie terugkom na U toe nie?'

32'n Jongmeisie vergeet nie haar juwele nie, 'n bruid vergeet nie haar trouklere nie.
Maar my volk het My gou vergeet.

33Julle weet baie goed hoe om ontrou te wees, ook slegte vroue kan by julle leer.

34Julle het mense laat doodmaak wat nie verkeerd gedoen het nie. Hulle was arm
mense wat nie gesteel het nie. Julle het dit alles gedoen,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

35maar julle sê: ‘Ons het nie verkeerd gedoen nie, die Here is nie meer kwaad vir ons nie.’ Ek wil julle nou straf omdat julle gesê het julle het nie sonde gedoen nie.

36Julle vra vir die een volk om julle te help, en dan vir die ander volk, maar die Assiriërs het julle nie gehelp nie en die Egiptenaars sal julle ook nie help nie.

37Julle het mense na Egipte gestuur, maar hulle sal moedeloos terugkom uit Egipte, want vir die Here is daardie volke nie belangrik nie, hulle sal nie help dat dit met julle goed gaan nie.”

Jeremia 3

1Die Here vra: “Wanneer ’n man skei van sy vrou en sy gaan weg van hom en sy trou met ’n ander man, dink julle die eerste man sal dan teruggaan na haar toe? Nee, want dan sal die hele land ontwy wees. Julle het baie afgode gedien en wil julle nou na My toe terugkom? Nee.

2“Kyk na al die heuwels waar nie bome groei nie. Julle het oral afgode gedien. Julle het langs die paaie in die woestyn gesit soos Arabiere wat wag dat mense verbykom. Julle het afgode gedien en slegte dinge gedoen, en so het julle die land ontwy.

3Ek het nie die winter-reën en die lente-reën laat kom nie. maar julle was soos prostitute wat nie skaam word nie.

4“Julle sê nog altyd vir My: “ ‘Ons Vader, U is nog altyd ons goeie vriend.’

5Julle sê Ek moenie aanhou kwaad wees nie, maar julle hou aan om verkeerd te doen waar julle kan.”

Julle moet terugkom, kinders wat My verraai het

6Dit was die tyd toe Josia koning was. Die Here het vir my gesê: “Het jy gesien wat die mense van Israel gedoen het? Hulle het My verraai. Hulle het afgode gaan dien op elke hoë berg en onder elke groen boom.

7Ek het gedink hulle sal na My toe terugkom nadat hulle al hierdie dinge gedoen het, maar hulle het nie teruggekom nie. Die ontrou mense van Juda het dit gesien, en hulle het ook afgode gaan dien.

8Ek het die mense van Israel wat My verraai het, weggejaag soos ’n man vir sy vrou ’n skeibrief gee en haar wegjaag wanneer sy egbreuk gepleeg het. Maar Ek het gesien die ontrou mense van Juda word nie bang nie. Hulle het ook afgode gaan dien.

9Dit was vir die mense van Israel maklik om afgode te dien. Hulle het die land ontwy en hulle het My gelos om afgode van hout en klip te dien.

© Bible Society of South Africa.

10Toe Ek die mense van Israel weggejaag het, het die ontrou mense van Juda gesê
hulle kom terug na My toe, maar hulle het dit nie regtig gedoen nie." Dit het die Here
gesê.

11Die Here het ook vir my gesê: "Maar die mense van Israel wat My verraai het, was
minder skuldig as die ontrou mense van Juda.

12Jy moet na die noorde kyk en jy moet sê: Die Here sê: Kom terug, mense van Israel
wat My verraai het. Ek is nie meer kwaad vir julle nie, Ek wil doen wat Ek belowe het
toe Ek 'n verbond gemaak het met julle. Ek sal nie altyd kwaad bly nie.

13Maar een ding moet julle weet: Julle het sonde gedoen, julle was opstandig teen
julle God die Here, julle het gode van ander volke gedien, oral onder elke groen
boom, julle was nie gehoorsaam aan My nie." Dit het die Here gesê.

14Die Here sê: "Kinders wat My verraai het, julle moet terugkom, julle behoort aan
My. Ek sal uit elke stad een van julle neem, en uit elke familie twee, en Ek sal julle
na Sion bring.

15Ek sal vir julle leiers gee, mense wat is soos Ek graag wil hê hulle moet wees. Hulle
sal My ken en hulle sal regeer soos Ek wil hê.

16Wanneer julle in daardie tyd meer word in die land en baie kinders kry, dan sal
niemand meer praat oor die verbondskis van die Here nie. Niemand sal daaraan dink
nie, niemand sal vra waar dit is nie, niemand sal 'n ander kis wil maak nie.

17In daardie tyd sal die mense Jerusalem noem 'Die troon van die Here,' en al die
volke sal bymekaarkom daar waar die Here is, in Jerusalem. Hulle sal nie meer
hardkoppig wees nie, hulle sal nie doen wat hulle sondige harte vir hulle sê nie.

18In daardie tyd sal die volk Juda saam met die volk Israel kom uit die land ver in die
noorde. Hulle sal kom na die land wat Ek vir hulle voorvaders gegee het."

Julle moet julle harte verander

19Die Here sê: "Ek wou julle aanneem en julle my kinders maak. Ek wou vir julle 'n
pragtige land gee wat mooier is as die mooiste lande van ander volke. Ek het gedink
julle sal vir My sê: 'U is ons Vader,' Ek het gedink julle sal nie weggaan van My nie.

20Maar, nageslag van Israel, julle was ontrou aan My soos 'n vrou wat ontrou is aan
haar man." Dit het die Here gesê.

21Hy het gesê: "Ek het gehoor hoe die mense van Israel gehuil het op die heuwels
waar nie bome is nie. Hulle het gebid en gevra dat Ek moet luister, want hulle het
verkeerd gedoen, hulle het hulle God die Here vergeet.

22Kinders wat My verraai het, julle moet terugkom. Ek sal julle gesond maak sodat
julle My nie weer verraai nie." Die mense van Israel sê: "Hier is ons, ons kom na U
toe, want U is ons God die Here!

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Ons was baie besig om afgode te dien op die berge, maar dit het ons niks gehelp nie. Nee, dit is net ons God die Here wat vir Israel kan red.

24 Baäl, die god wat nie kan help nie, het van die begin af ons voorvaders se koring-oeste gevat, en ook hulle skape en bokke, hulle beeste, hulle seuns en hulle dogters.

25Ons is baie skaam, elke dag en nag, want ons het sonde gedoen teen ons God die Here, ons en ons voorvaders, van die begin af tot nou toe. Ons was nie gehoorsaam aan ons God die Here nie."

Jeremia 4

1Die Here sê: "Mense van Israel, as julle wil terugkom, dan moet julle terugkom na My toe. En as julle die vuil afgode wegvat voor My, dan moet julle nie weer verkeerd doen nie.

2Julle moet belowe en sê: 'So seker soos die Here lewe,' maar julle moet regtig wil doen wat julle sê. Dan sal die volke bid en vra dat Ek hulle moet seën, en hulle sal My prys."

3Ja, die Here sê vir die mense van Juda en Jerusalem: "Julle moet weer begin, soos 'n boer wat 'n nuwe land ploeg en nie koring saai tussen die dorings nie.

4Mense van Juda en Jerusalem, julle moet bewys dat julle aan My behoort. Julle laat julle besny, maar julle moet ook julle harte verander. As julle dit nie doen nie, dan sal Ek julle straf oor al die slegte dinge wat julle gedoen het. Die straf sal wees soos 'n vuur wat aanhou brand."

Dit sal baie sleg gaan met die mense van Juda en Jerusalem

5Praat met die mense van Juda en Jerusalem, blaas die ramshoring in die land, skree hard en sê: "Kom bymekaar, ons moet gaan na die stede wat sterk mure het.

6Hou 'n vlag op in die lug, na Sion toe, soek plek om weg te kruip, moenie staan nie, want Ek laat vyande kom uit die noorde, en dit sal baie sleg gaan met julle.

7Die vyande wat volke doodmaak, kom, hulle kom soos 'n leeu wat uit 'n bos kom, hulle kom om julle land leeg te maak, hulle sal julle stede verwoes, daar sal nie mense woon nie."

8Daarom moet julle rouklere aantrek, julle moet huil en treur, want die Here sal kwaad bly vir ons.

9Die Here het gesê: "Daardie dag sal die koning en die amptenare bang wees, die priesters sal nie weet wat om te doen nie, die profete sal nie weet wat om te sê nie."

10Ek, Jeremia, het gesê: "Ag, Here, my Here, U het hierdie volk en die mense van Jerusalem bedrieg. U het gesê hulle sal vrede hê, maar die swaarde van die vyande is al klaar teen ons keel."

© Bible Society of South Africa.

11Die Here sê: “In daardie tyd sal mense vir hierdie volk en vir die mense van
Jerusalem sê: ‘Daar kom ’n warm wind oor die heuwels waar nie plante groei nie, dit
kom deur die woestyn op die pad na my volk toe, maar dit is nie ’n wind wat koring
op die dorsvloer sal skoonmaak nie.’

12Die stormwind is die vyande, hulle kom na My toe, en nou sal Ek ook sê hoe Ek my
volk sal straf.

13“Die vyande kom aan soos ’n wolk, hulle oorlogkarre is soos ’n stormwind, hulle
perde is vinniger as arende.” Die mense van Jerusalem sê: “Dit gaan sleg met ons, die
vyande het ons verwoes.”

14Die Here sê: “Mense van Jerusalem, julle moet die sonde uit julle harte uitwas
sodat Ek julle kan red. Hoe lank wil julle aanhou om slegte planne te maak?

15Want mense skree uit die stad Dan, en uit die Efraim-berge vertel hulle van die
vyande wat kom.

16Julle moet vir die mense in Jerusalem sê: Die vyande is hier, hulle kom uit ’n ver
land om oorlog te maak teen die stede van Juda.

17Hulle is rondom Jerusalem soos mense wat ’n koringland oppas, want die mense
van Jerusalem was opstandig teen My.” Dit het die Here gesê.

18Hy sê: “Hierdie dinge gebeur met julle, want julle het verkeerd gedoen. Dit sal sleg
gaan met julle, baie sleg, dit sal vir julle voel soos wanneer ’n swaard deur julle hart
steek.”

19Die mense van Juda sê: “Wanneer ons hoor die ramshoring blaas en die vyande
skree, dan buig ons krom van die pyn, en ons harte klop wild, ons kan nie stil wees
nie.

20Ons hoor hulle breek al die stede af, eers die een stad, en dan die ander stad, hulle
verwoes die hele land. Ons het skielik nie meer plek waar ons kan woon nie.

21Hoe lank sal ons nog sien hoe die vyande hulle vlag swaai, hoe lank sal ons nog die
ramshoring hoor blaas?”

22Die Here sê: “Dit gebeur omdat my volk dwaas is, hulle ken My nie, Hulle is dom
kinders, hulle is nie verstandig nie. Hulle weet baie goed om sonde te doen, hulle
weet nie hoe om goed te doen nie.”

23Ek het na die land gekyk, en dit was leeg, niemand het daar gewoon nie. Ek het na
die lug gekyk, en die sterre het nie geskyn nie.

24Ek het na die berge gekyk, en hulle het almal gebewe en heen en weer geskud.

25Ek het gekyk, en daar was nie mense nie, en al die voëls het weggevlieg.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

26Ek het gekyk, en waar vrugtebome gegroei het, was nou ’n woestyn, en al die stede
in die land was verwoes. Die Here het dit gedoen, want Hy is kwaad.

27Ja, die Here sê: “Die vyande sal die hele land verwoes, maar nie alles nie.

28Ek het gesê wat Ek besluit het, en Ek sal dit doen. Daarom sal die plante in die land
droog word en verlep, en die lug daar bo sal swart word.

29Al die mense in die stad sal vlug wanneer hulle hoor dat die soldate kom, die
soldate op perde en die soldate met pyl en boog. Die mense in die stad sal in die
bosse in vlug en teen die rotse probeer opklim. Daar sal niemand oorbly in die stad
nie, niemand sal daar woon nie.

30En jy, Jerusalem, stad wat verwoes is, hoekom maak jy soos ’n vrou wat rooi klere
aantrek en goue juwele aansit en oogverf aan haar oë smeer? Jy het jou
mooigemaak, maar dit help niks. Jy het probeer om vriende te maak, maar jou
vriende haat jou nou en hulle wil jou doodmaak.

31Ja, Ek hoor iemand skree soos ’n vrou wat haar eerste baba kry. Dit is Jerusalem
wat nie asem kry nie, wat haar hande uitsteek en sê: ‘Dit gaan sleg met my, ek kan
niks meer doen nie, hulle vermoor my.’ ”

Jeremia 5

Ek sal nou ’n volk van ver bring om julle aan te val

1Die Here sê: “Loop in die strate van Jerusalem en kyk op al die oop stukke grond,
kyk of julle een mens kry wat reg doen en wat wys dat die waarheid vir hom
belangrik is. As julle so iemand kry, dan sal Ek die stad se sondes vergewe.

2“Hulle belowe dinge en hulle sê: ‘So seker soos die Here lewe,’ maar hulle belowe
dinge wat hulle nie sal doen nie.”

3Here, U wil kyk of hierdie mense doen wat U wil hê. Maar toe U hulle geslaan het,
het hulle nie seergekry nie. Toe U hulle laat swaarkry het, wou hulle nie luister nie.
Hulle koppe was harder as klip, hulle wou nie verander nie, hulle wou nie lewe soos
U wil hê nie.

4En ek, ek het gedink hulle is so omdat hulle arm mense is, hulle is dom en hulle
weet nie wat die Here wil hê nie, hulle weet nie dat hulle God wil hê hulle moet reg
doen nie.

5Ek het gedink ek sal na die belangrike mense toe gaan, want hulle weet wat die
Here wil hê, hulle weet hulle God wil hê hulle moet reg doen. Maar ook hulle is soos
beeste wat die jukke breek en die stroppe stukkend ruk.

6Die Here sê: “Daarom sal leeus uit die bos en wolwe uit die woestyn hulle kom
doodmaak, luiperds sal by die stede lê en wag en hulle sal elkeen doodbyt wat

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

uitkom. Dit sal gebeur omdat hulle altyd so opstandig was teen My en omdat hulle My verraai het.

7Jerusalem, Ek kan jou mense nie vergewe vir hierdie dinge nie. Hulle het weggegaan van My en wanneer hulle dinge belowe het, dan het hulle gesê die afgode is getuies. Ek het hulle genoeg gegee, hulle kon daarvan lewe, maar toe het hulle afgode gaan dien. Hulle het bymekaargekom in die tempels van die afgode.

8Hulle het geword soos perde-hingste wat vet is en merries soek: Elkeen van hulle wil slaap by sy buurman se vrou.

9Wil julle hê Ek moet hierdie dinge nie sien nie? Moet Ek mense wat so doen, nie straf oor wat hulle gedoen het nie?

10Gaan verwoes die wingerde, maar nie alles nie. Sny af die ranke, die mense van Israel en Juda, want hulle is nie Myne nie.

11Ja, Israel was heeltemal ontrou aan My." Dit sê die Here.

12Hulle het gemaak of die Here vir hulle niks beteken nie, hulle het gesê: "Die Here kan niks aan ons doen nie. Niemand sal ons doodmaak nie, en ons kos sal nie opraak nie.

13Die profete praat nonsens, hulle sê dinge wat die Here nie gesê het nie. Wat hulle sê, sal met hulleself gebeur."

14Die Here, die God wat oor alles regeer, sê: "Omdat hulle dit gesê het, maak Ek nou my woorde in Jeremia se mond 'n vuur, en Ek maak hierdie volk die hout. Die vuur sal hulle brand, daar sal niks oorbly nie.

15Mense van Israel, Ek sal nou 'n volk van ver bring om julle aan te val, 'n volk wat lankal daar is, van lank gelede af. Daardie volk praat 'n taal wat julle nie verstaan nie.

16Hulle soldate kan almal goed oorlog maak, hulle pyle bring dood.

17Hulle sal julle kos op-eet wat in julle koringlande of in julle huise is, hulle sal julle seuns en julle dogters doodmaak, hulle sal julle skape en bokke en beeste op-eet. Hulle sal julle wingerde en julle vyebome verwoes, hulle sal julle stede wat die sterk mure het, plat slaan met hulle swaarde.

18Maar ook daardie tyd sal Ek julle nie almal laat sterf nie.

19"Jeremia, hulle sal vra: 'Hoekom het ons God die Here hierdie dinge aan ons gedoen?' Jy moet dan vir hulle sê: 'Julle het weggegaan van My en julle het gode van ander volke gedien in julle land. Net so sal julle ander konings dien in 'n land wat nie aan julle behoort nie.'

20"Julle moet praat met die nageslag van Jakob, julle moet vir die mense in die land Juda sê:

© Bible Society of South Africa.

21“ ‘Luister wat ek sê, dwase volk, julle het nie verstand nie, julle het oë maar julle wil nie sien nie, julle het ore maar julle wil nie hoor nie.’ ”

22Die Here sê: “Ek het gesê die seewater mag kom tot by die sand langs die see, en die see het nog nooit verder gekom nie, die branders kom nader en raas hard, maar kan nie by die sand verbykom nie. Is julle nie bang vir My nie?

23Nee, hierdie volk is hardkoppig en opstandig, hulle het weggegaan van My.

24Hulle het nie gesê: ‘Kom ons dien ons God die Here wat die reën gee, die vroeë reën en die laat reën op die regte tyd, en wat ook die weke altyd weer laat kom wanneer ons die koring moet afsny.’

25Dit is omdat julle verkeerd gedoen het, daarom reën dit nie. Ek het die goeie dinge weggehou omdat julle sonde doen,

26want daar is slegte mense in my volk, hulle vang mense soos hulle voëls vang in vangstrikke.

27Hulle huise is vol mense wat vir hulle geld skuld en vir hulle moet werk. Dit is soos ’n hok wat ’n mens vol voëls maak wanneer jy hulle vang. Hulle word ryk omdat hulle mense bedrieg,

28hulle word vet en blink. Hulle is regters in die hof wat nie reg doen aan mense nie, hulle laat verkeerde dinge gebeur. Die slegte mense laat weeskinders en arm mense verloor wanneer hulle vra dat iemand reg moet doen aan hulle.

29Wil julle hê Ek moet hierdie dinge nie raaksien nie? Moet Ek mense wat so doen, nie straf oor wat hulle gedoen het nie?” Dit sê die Here.

30’n Vreeslike lelike ding het in die land gebeur:

31Die profete bring boodskappe wat hulle nie by die Here gekry het nie, die priesters regeer soos hulle wil, en my volk hou daarvan. Maar wat sal julle doen wanneer die einde kom?

Jeremia 6

1Die Here sê: “Mense van Benjamin, julle moet vlug uit Jerusalem. Julle moet die ramshoring blaas in die stad Tekoa en in die stad Bet-Kerem moet julle rook maak om mense te waarsku, want die vyande kom uit die noorde, en dit sal sleg gaan met julle.

2Jerusalem is soos ’n baie mooi weiveld,

3die konings kom daarnatoe met hulle soldate, soos die skaapboere kom met hulle troppe skape. Hulle slaan hulle tente op rondom die weiveld en elkeen laat wei sy skape op die plek waar hy kom.

© Bible Society of South Africa.

4Die konings sê: ‘Maak gereed om oorlog te maak teen die stad. Kom ons val hulle
aan in die middel van die dag.’ Maar as dit te laat in die dag word, dan sê hulle:

5‘Maak gereed, kom ons val hulle aan in die nag en ons verwoes hulle mooi huise.’ ”

6Ja, die Here wat oor alles regeer, sê: “Kap bome af en gooi grond teen die muur
sodat die soldate oor die muur van die stad kan klim. Ek wil die mense in Jerusalem
straf, want hulle het aangehou om mense te laat swaarkry.

7’n Put hou aan om vars water te gee, en net so hou hulle aan om verkeerde dinge
te doen. Ek hoor hoe hulle mense laat swaarkry en hoe hulle die mense seermaak, Ek
sien altyd net siekte en seerplekke.

8Ek waarsku julle, mense van Jerusalem, as julle dit aanhou doen, dan sal Ek weggaan
van julle en julle land leegmaak, daar sal nie meer mense woon nie.”

9Die Here wat oor alles regeer, sê: “Dit is nog net die mense van Juda wat lewe, maar
die Assiriërs moet nog meer van hulle kom doodmaak. Die Assiriërs moet hulle
doodmaak soos mense die ranke in ’n wingerd afsny.”

10Met wie moet ek praat, wie sal na my luister wanneer ek hom waarsku? Die mense
van Jerusalem wil nie hoor wat ek sê nie, hulle wil nie luister nie. Hulle hou nie van
die woorde van die Here nie, hulle spot met sy woorde.

11Maar ek moet vir hulle sê die Here is kwaad, ek kan nie stilbly nie. Die Here het
gesê: “Praat met die kinders in die strate, en met die jongmanne waar hulle
bymekaar is. Praat met mans en vroue en met oumense, ook met die oumense wat
baie oud is.

12Ander mense sal hulle huise kom vat, en ook hulle grond en hulle vroue. Ja, Ek wil
die mense van Jerusalem straf,

13want almal, kinders en grootmense, wil ryk word van ander mense se goed. Die
profete en priesters bedrieg my volk,

14want hulle dink hulle kan alles regmaak wanneer hulle sê: ‘Daar is vrede, daar is
vrede.’ Maar daar is nie vrede nie.

15Hulle het slegte dinge gedoen wat Ek haat, maar hulle het nie skaam geword nie,
hulle is nie jammer nie. Daarom sal hulle ook sterf in die oorlog. Ek sal hulle straf, en
hulle sal sterf.” Dit het die Here gesê.

16Die Here het gesê: “Wanneer julle sien daar is meer as een pad waar julle kan loop,
en julle vra waar die ou paaie is, dan moet julle die regte pad kies en daarop loop.
Dan sal dit goed gaan met julle. Maar die mense van Jerusalem het gesê: ‘Nee, ons
sal nie op daardie pad loop nie.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17 En wanneer Ek mense vir julle laat wagstaan, dan moet julle luister wanneer die ramshoring blaas. Maar die mense van Jerusalem het gesê: ‘Nee, ons sal nie luister nie.’

18 Daarom, volke, julle moet luister, en julle, my volk wat tussen die ander volke is, julle moet weet,

19 en almal in die land, julle moet luister: Ek sal nou hierdie volk straf. Hulle het planne gemaak om slegte dinge te doen, en nou sal slegte dinge met hulle gebeur, want hulle het nie geluister na wat Ek gesê het nie. Hulle het gedink die dinge wat Ek vir hulle leer, is nie belangrik nie.

20 Julle bring vir My wierook uit die land Skeba, julle bring kalmoes uit ’n ver land, maar dit beteken vir My niks. Ek hou nie van julle brand-offers nie, Ek wil nie offers van julle hê nie.”

21 Daarom, die Here sê: “Ek sal nou dinge laat gebeur wat hierdie volk sal laat sterf. Pa en seun, buurman en vriend sal saam sterf.”

22 Die Here sê: “Daar sal nou ’n volk kom uit ’n land in die noorde. Dit is ’n groot volk wat uit ’n ver land sal kom.

23 Elkeen het ’n pyl en boog en ’n spies in sy hand. Hulle is wrede mense, hulle is vir niemand jammer nie. Wanneer hulle skree, dan is dit soos die see wat hard raas. Hulle ry op perde en hulle is gereed om oorlog te maak teen julle, mense van Sion.”

24 Die mense van Jerusalem het gesê: “Toe ons hoor hierdie vyande kom, het ons groot geskrik, ons was so bang soos ’n vrou voor sy ’n baba kry.

25 Julle moenie uitgaan uit die stad nie, julle moenie op die paaie loop nie, want die vyande kom met hulle swaarde, en hulle sal oral wees.

26 My volk, julle moet rouklere aantrek en op die ashoop rondrol. Julle moet huil en treur soos mense treur wanneer hulle enigste kind gesterf het. Julle moet rou, want die vyande kom vinnig, en hulle sal alles verwoes.”

27 Die Here het vir my gesê: “Ek het jou gestuur om my volk te toets soos ’n mens metaal smelt en toets, Ek het jou sterk gemaak sodat jy sal kyk wat hulle doen en sodat jy hulle sal toets.

28 Hulle is almal hardkoppige en opstandige mense wat sleg praat van ander mense. Hulle is oneerlik wanneer hulle moet oordeel. Hulle is so hard soos brons en yster.

29 Wanneer die blaasbalk die vuur warm blaas, dan moet die lood uitsmelt, maar dit gebeur nie met my volk nie, die slegte metaal smelt nie uit nie.

30 Hierdie volk is soos silwer wat ’n mens moet weggooi. Die mense sê hulle is so, want die Here het hulle weggegooi.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Jeremia 7

Die Here sê Hy sal die tempel laat verwoes

1 Jeremia het gehoor die Here sê vir hom:

2 "Jy moet in die poort gaan staan tussen die paleis en die tempel en jy moet hard praat en sê: Al die mense van Juda wat deur hierdie poorte kom om die Here te aanbid, julle moet hoor wat sê die Here.

3 Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Julle moet reg lewe en reg doen, dan sal Ek by julle in hierdie plek woon.

4 Julle moenie dink dit sal goed gaan wanneer mense sê: 'Hierdie is die tempel van die Here, die tempel van die Here, die tempel van die Here!' nie.

5 Maar julle moet waarlik reg lewe en reg doen, julle moet waarlik regverdig wees wanneer julle oordeel,

6 julle moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees laat swaarkry nie, julle moenie onskuldige mense laat doodmaak nie, en julle moenie ander gode dien nie, want dan sal dit sleg gaan met julle.

7 As julle reg lewe en reg doen, dan sal Ek by julle woon in hierdie plek wat Ek vir altyd vir julle voorvaders gegee het.

8 Julle dink dit sal goed gaan wanneer mense vir julle dinge sê wat nie waar is nie en wat julle niks sal help nie.

9 Julle steel en vermoor mense en pleeg egbreuk, julle belowe dinge wat julle nie wil doen nie, en julle vertel leuens, julle bring wierook-offers vir Baäl en julle dien ander gode wat julle nie geken het nie.

10 Julle kan nie al hierdie baie verkeerde dinge doen en dan voor My kom staan in hierdie tempel wat my Naam het, en sê: 'U sal ons red' nie.

11 Dink julle hierdie tempel wat my Naam het, is 'n plek waar diewe veilig is? Julle moet weet, Ek sien wat hier gebeur.

12 Want gaan na die stad Silo, na die plek wat my Naam gehad het en waar Ek voorheen gewoon het. Gaan kyk wat Ek met daardie plek gedoen het omdat my volk Israel sonde gedoen het.

13 En nou, julle het al hierdie dinge gedoen. Ek het aangehou om met julle te praat, maar julle het nie geluister nie, Ek het julle geroep, maar julle het nie geantwoord nie.

14 Daarom sal Ek met die plek wat Ek vir julle en julle voorvaders gegee het, hierdie tempel wat my Naam het, doen soos Ek met Silo gedoen het. Julle dink hierdie tempel sal dit goed laat gaan met julle.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Maar Ek sal julle weggooi soos Ek julle familie, die hele nageslag van Efraim, weggegooi het.

16“En jy, Jeremia, jy moenie vir hierdie volk bid nie, jy moenie vir My soebat dat Ek weer goed moet wees vir hulle nie, want Ek sal nie na jou luister nie.

17Jy sien self wat doen hulle in die stede van Juda en in die strate van Jerusalem.

18Die seuns kap hout en die pa’s maak vuur en die vroue knie deeg en bak koeke vir die koningin van die hemel. Hulle bring drank-offers vir ander gode om My ongelukkig te maak.

19Maar dit is nie vir My wat hulle ongelukkig maak nie, hulle maak hulleself ongelukkig, dit is húlle wat sal swaarkry.” Dit sê die Here.

20Daarom sê die Here: “Ek is kwaad en Ek sal almal en alles in hierdie plek straf: mense en diere, bome en plante. Dit sal wees soos ’n vuur wat aanhou brand.”

21Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: “Dit sal beter wees as julle die vleis van julle brand-offers self eet saam met die vleis van julle ander offers.

22Toe Ek julle voorvaders uit Egipte gebring het, het Ek nie gesê brand-offers en ander offers is die belangrikste nie.

23Die belangrikste wat Ek vir hulle gesê het, is: Julle moet gehoorsaam wees aan My, dan sal Ek julle God wees en julle sal my volk wees. Julle moet altyd lewe soos Ek wil hê, dan sal dit goed gaan met julle.

24“Maar julle voorvaders was nie gehoorsaam nie, hulle het nie geluister nie. Hulle het gelewe soos hulle self gedink het, hulle was hardkoppig en hulle het gelewe soos hulle slegte harte vir hulle gesê het. Hulle wou nie naby My wees nie.

25Dit het julle gedoen vandat julle voorvaders uit die land Egipte gekom het, tot vandag toe. Ek het aangehou om my dienaars, die profete, na julle toe te stuur,

26maar julle was nie gehoorsaam nie, julle het nie geluister nie, julle was hardkoppig en julle was slegter as julle voorvaders.

27“Jeremia, jy sal dit alles vir die volk sê, maar hulle sal nie na jou luister nie. Jy sal hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie.

28Dan sal jy van hulle sê: ‘Hulle is die volk wat nie gehoorsaam was aan hulle God die Here nie en wat nie gedoen het wat Hy vir hulle gesê het nie. Daar is niks wat reg is by hulle nie.

29Jerusalem, jy dink jy is ’n nasireër, maar jy moet jou lang hare afknip en ’n klaaglied sing op die heuwels waar daar nie plante groei nie. Jy moet huil en treur oor jou mense wat dood is, want die Here het sy volk gelos omdat Hy kwaad is vir hulle. Vyande het hulle weggevat.’ ”

© Bible Society of South Africa.

30Die Here sê: “Ek het dit gedoen omdat die mense van Juda dinge gedoen het
waarvan Ek nie hou nie. Hulle het afgodsbeelde neergesit in die tempel wat my
Naam het en hulle het my tempel ontwy.

31En hulle het ’n offer-plek gebou in die Hinnom-vallei waar hulle vuur gemaak het
en hulle seuns en dogters verbrand het. Ek het nie gesê hulle moet dit doen nie, Ek
het nooit aan so iets gedink nie.”

32Die Here sê: “Daar sal ’n tyd kom wanneer die mense nie meer sal praat van die
plek in die Hinnom-vallei waar hulle vuur gemaak het nie, hulle sal die plek noem
‘Moord-vallei.’ En hulle sal die mense wat sterf, daar begrawe, omdat daar nie ander
plek vir grafte sal wees nie.

33Die voëls en die wilde diere sal die lyke van hierdie volk vreet, en niemand sal die
voëls en die diere wegjaag nie.

34In die stede van Juda en in die strate van Jerusalem sal niemand feesvier en vrolik
wees nie, en niemand sal daar trou nie, want die land sal verwoes wees.”

Jeremia 8

1Die Here sê: “In daardie tyd sal mense die bene van die konings van Juda uit
hulle grafte uithaal, en ook die bene van die koning se amptenare, en die bene van
die priesters en die profete en die mense wat in Jerusalem woon.

2Die mense sal die bene oral gooi, oral waar die son en die maan en al die sterre
skyn. Die son en die maan en die sterre was hulle gode. Hulle was lief vir daardie
gode en hulle het die gode gedien. Hulle het vir die gode gevra om hulle te help en
hulle het voor die gode gebuig. Niemand sal die bene bymekaarmaak en begrawe
nie, die bene sal soos mis op die grond wees.

3Party van hierdie slegte mense wat Ek na ander plekke gejaag het, lewe nog, maar
hulle sal wens hulle is ook dood.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

My volk wil nie terugkom na My toe nie

4Die Here het gesê: “Jeremia, jy moet vir die mense van Jerusalem sê: Die Here sê:
Wanneer mense geval het, dan staan hulle weer op, wanneer hulle van ’n pad
afgeloop het, dan draai hulle om en kom weer terug.

5Hoekom hou hierdie mense van Jerusalem aan om van die regte pad af te loop?
Hulle hou aan om afgode te dien wat niks beteken nie, hulle wil nie terugkom na My
toe nie.

6Ek het goed geluister na wat hierdie mense sê. Hulle sê nie wat hulle moet sê nie.
Niemand is jammer oor die verkeerde dinge wat hy doen nie. Niemand sê: ‘Wat het
ek gedoen?’ nie. Elkeen loop op sy eie verkeerde pad, soos ’n perd wat reguit
vorentoe hardloop na ’n oorlog toe.

© Bible Society of South Africa.

7Die ooievaars, die duiwe, die swaeltjies en die kraanvoëls weet wanneer om terug
te kom en wanneer om te gaan, maar my volk weet nie wat Ek wil hê hulle moet
doen nie.

8Hulle sê hulle het wysheid en hulle weet wat Ek wil hê, maar die mense wat moet
skryf wat Ek wil hê, het leuens geskryf.

9Die mense wat dink hulle het wysheid, bly nou stil, hulle weet nie wat hulle moet sê
nie. Dit is omdat hulle nie geluister het na wat Ek sê nie, en daarom het hulle ook nie
wysheid nie."

My volk het nie skaam geword nie

10"Omdat dit so is, sal Ek hulle vroue vir ander mense gee en sal Ek ander mense
bring om hulle grond te vat, want almal, klein en groot, wil ryk word van ander
mense se goed, en die profete en priesters bedrieg my volk.

11Hulle dink alles sal maklik regkom as hulle sê: 'Daar sal vrede wees, daar sal vrede
wees,' maar daar is nie vrede nie.

12Hulle het slegte dinge gedoen wat Ek haat, maar hulle het nie skaam geword nie,
hulle is nie jammer nie. Daarom sal hulle ook sterf in die oorlog, Ek sal hulle straf, en
hulle sal sterf." Dit het die Here gesê.

13"Hulle het nie gedoen wat hulle moet doen nie. Hulle was soos wingerdstokke en
vyebome wat nie druiwe en vye gehad het toe Ek dit wou pluk nie, en die blare het
verlep. Daarom sal Ek hulle vir ander mense gee om weg te vat." Dit het die Here
gesê.

Die vyande kom

14"Die mense van Juda sal vir mekaar sê: 'Hoekom sit ons? Kom ons gaan na die
stede wat sterk mure het, kom ons gaan sterf daar, want ons God die Here wil ons
laat sterf. Hy wil hê ons moet water drink wat giftig is, want ons het sonde gedoen
teen Hom.'

15Hulle sal wag vir vrede, maar daar sal niks gebeur wat goed is nie, hulle sal wag dat
dit weer goed moet gaan, maar hulle sal nog banger word.

16Die vyande kom al klaar by die stad Dan verby. Hulle perde snork en runnik, en
almal in die land bewe. Hulle sal kom en alles verwoes, die land en die plante, die
stede en die mense wat daar woon.

17"Ja, Ek stuur nou die vyande tussen julle in. Hulle sal julle byt soos slange, en
niemand sal hulle kan stop nie."

Ek huil en treur omdat hulle gaan sterf

18Ek, Jeremia, word bekommerd en siek,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19want ek hoor my mense kla in ’n ver land. Hulle vra: “Is die Here nie meer in Sion nie? Woon die Koning nie meer daar nie?” Maar die Here vra: “Hoekom maak hulle My kwaad met hulle beelde, met ander volke se gode wat niks beteken nie?”

20Hulle sal in daardie ver land sê: “Die somer en die tyd om koring af te sny, is verby, maar die Here het ons nog nie gered nie.”

21Die vyande sal my mense baie swaar laat kry, en daarom kry ek nou ook swaar. Ek huil en treur omdat hulle gaan sterf, ek word baie bang.

22Daar is balsem in die land Gilead, en daar is dokters, maar my mense het nie gesond geword nie.

Jeremia 9

1Ek wens my kop was vol water, en my oë fonteine vol trane. Dan het ek elke dag en nag aangehou huil oor my volk se manne wat in die oorlog gesterf het.

2Ek wens iemand gee vir my ’n herberg in die woestyn, dan sal ek daarnatoe gaan, weg van my volk, want hulle is almal mense wat afgode dien, hulle is almal ontrou aan die Here.

Hulle hou aan om slegte dinge te doen

3Die Here sê: “Hulle maak mense seer met wat hulle sê, soos pyle uit ’n boog mense seermaak. Hulle word sterk in die land, maar hulle is baie vals, hulle dien nie hulle God nie. Hulle hou aan om slegte dinge te doen, meer en meer, hulle maak of hulle My nie ken nie.

4Hulle moet oppas vir mekaar, hulle kan mekaar nie glo nie, want almal bedrieg mekaar en praat sleg van mekaar.

5Almal is vals en lieg vir mekaar. Hulle het geleer om aan te hou lieg, hulle kan nie ophou om verkeerd te doen nie.

6Hulle hou aan om mense te verdruk en te bedrieg. Hulle wil My nie ken nie.” Dit het die Here gesê.

7Die Here wat oor alles regeer, sê: “Omdat hulle dit alles doen, sal Ek hulle straf. Dit sal wees soos wanneer iemand metaal in vuur gooi en dit smelt. Ek kan nie anders met my volk doen nie.

8Wat hulle sê, is soos pyle wat mense wil doodmaak. Hulle sê hulle wil vrede hê met mekaar, maar hulle is vals, hulle wag net vir die regte tyd om mekaar te laat swaarkry.

9Daarom moet Ek hulle straf, dit is reg dat Ek hierdie volk straf.” Dit het die Here gesê.

Jeremia sal huil en treur

© Bible Society of South Africa.

10 Ek, Jeremia, sal huil op die berge en in die weivelde, ek sal treur en ’n klaaglied
sing, want die berge en die weivelde is verwoes. Niemand kom daar nie, daar is nie
skape of bokke nie, en al die voëls en die wilde diere is weg.

11 Die Here sê: “Ek sal Jerusalem verwoes, dit sal net hope klippe wees, en daar sal
jakkalse woon. Ek sal die mense wegvat uit die stede van Juda, niemand sal daar
woon nie.”

12 Ek, Jeremia, het gevra: “Waar is ’n wyse mens wat dit kan verstaan? Met wie het
die Here gepraat? Wie kan vir ons sê hoekom dit gebeur het? Hoekom is die land
verwoes? Hoekom het dit soos ’n woestyn geword waar niemand verbygaan nie?”

13 En die Here het gesê: “Dit het gebeur omdat die mense van Juda en Jerusalem nie
gedoen het wat Ek wil hê nie en omdat hulle nie gehoorsaam was aan My nie. Hulle
het nie gelewe soos Ek wil hê nie,

14 hulle was hardkoppig, hulle het gelewe soos hulle self besluit het. Hulle het
die Baäls gedien soos hulle voorvaders vir hulle geleer het om te doen.”

15 Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: “Omdat hierdie volk dit
gedoen het, laat Ek hulle swaarkry en sterf. Dit sal wees soos wanneer mense wilde-
als geëet en gif gedrink het.

16 Ek sal hulle na al die kante toe jaag tussen ander volke in, volke wat hulle en hulle
voorvaders nie geken het nie. Ek sal vyande stuur om hulle dood te maak totdat hulle
almal dood is.”

Roep die huilvroue

17 Die Here wat oor alles regeer, sê: “Roep die huilvroue. Laat kom die vroue wat
weet hoe om te treur.”

18 En die volk het gesê: “Die vroue moet gou maak en hulle moet oor ons kom treur,
sodat ons oë ook vol trane kan word en ons saam kan huil.”

19 Ons hoor hoe huil die mense in Sion. Hulle sê: “Die vyande het ons weggejaag en
ons het alles verloor, ons moet weggaan uit die land, want hulle het ons huise
afgebreek.”

20 Maar, vroue, julle moet luister wat sê die Here nog. Julle moet vir julle dogters leer
om te treur en ’n klaaglied te sing,

21 want daar is pes in die stad, die dood het by ons vensters ingeklim, en ons kinders
en ons jongmense sterf op die strate en op die oop stukke grond.

22 Julle moet sê wat die Here sê: Die lyke van die mense sal soos mis op die grond val
of soos koring-are wat val wanneer iemand dit afsny en niemand tel dit op nie.

As iemand wil spog

© Bible Society of South Africa.

23Die Here sê: “Die wyse mens moenie spog oor sy wysheid nie, die sterk mens moenie spog oor sy krag nie, die ryk mens moenie spog oor alles wat hy het nie.

24Maar as iemand wil spog, dan moet hy hieroor spog: dat hy My, die Here, ken en dat hy weet Ek doen wat Ek belowe het. Ek doen reg en Ek is goed vir al die mense op die aarde. Ja, dit is waarvan Ek hou.”

25-26Die Here sê: “Eendag sal Ek almal straf wat besny is: die mense van Egipte en Juda en Edom, die Ammoniete, die mense van Moab en die mense wat in die woestyn woon en wat die kante van hulle koppe kaal skeer. Hulle is besny maar hulle dien My nie, en die hele volk Israel wat besny is, dien My ook nie.”

Jeremia 10

Beelde kan niks doen nie

1Mense van Israel, julle moet hoor wat sê die Here vir julle.

2Hy sê: “Julle moenie doen soos die heidene nie. Julle moenie bang wees vir tekens in die lug nie, want die heidene is bang daarvoor.

3Die dinge wat die heidene doen, is soos wind. Iemand kap ’n stuk hout af in die bos en ’n ambagsman kap dit reg met ’n byl.

4Hy trek dit oor met silwer en goud en hy slaan dit vas met spykers sodat dit nie omval nie.

5Die beeld staan daar soos ’n pilaar wat iemand oorgetrek het met goud. Dit praat nie, en iemand moet dit dra, want dit kan nie loop nie. Julle moenie bang wees vir beelde nie, want hulle kan niks doen nie, nie goed nie en nie sleg nie.”

6Here, niemand is soos U nie, U is groot, almal weet U is sterk.

7U is Koning oor die volke, en almal moet U eer, want by al die wyse mense en al die konings van die volke is daar niemand soos U nie.

8Die heidene is dom en dwaas, want hulle gode kan vir hulle niks leer nie, dit is stukke hout wat niks beteken nie.

9Hulle bring silwer uit die land Tarsis, hulle trek die beelde oor met silwer en goud en hulle trek vir die beelde klere aan van pers en rooi wol. Ambagsmanne doen al hierdie werk.

10Maar die Here is die ware God wat lewe, Hy is Koning vir altyd, en al die mense op die aarde bewe wanneer Hy kwaad is.

11Julle moet vir die heidene sê daardie gode wat nie die hemel en die aarde gemaak het nie, sal verdwyn van die aarde af.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Die Here het die aarde en die hemel gemaak. Hy het dit gedoen met sy krag en sy wysheid.

13Wanneer Hy praat, dan raas die water in die hemel. Hy bring die wolke van ver oor die aarde, Hy laat die weerlig slaan en die wind waai.

14Maar mense wat beelde maak en hulle dien, is dom, hulle weet niks. Die beelde kan vir hulle niks doen nie, daar is nie lewe in hulle nie.

15Hulle is soos wind wat wegraak, mense lag vir hulle, hulle sal verdwyn.

16Maar die God van Jakob is nie soos die beelde nie, want Hy het alles gemaak. Die Israeliete is sy eie volk. Sy Naam is Here wat oor alles regeer.

Moenie so kwaad wees dat U niks van ons laat oorbly nie

17Mense van Juda, die vyande is rondom julle, julle moet die goed bymekaarmaak wat julle kan saamdra,

18want die Here sê Hy sal die mense wat in hierdie land woon, ver weggooi soos wanneer iemand ’n klip met ’n slingervel gooi. Hy het die vyande gebring om die mense van Juda in die stede te vang en weg te vat.

19Die mense van Juda en Jerusalem sal sê: “Dit gaan sleg met ons, ons is naby die dood. Ons het regtig gedink ons sal maklik die swaarkry kan dra,

20maar nou is ons soos mense wie se tente verwoes is: Die tente se toue is stukkend, ons seuns is weg, en daar is niemand wat vir ons kan help om die tente se seile weer styf te trek nie.”

21Dit is so, want die leiers was soos herders wat dwaas geword het, hulle het nie vir die Here gevra wat hulle moet doen nie. Daarom het dit nie goed gegaan met hulle nie, vyande het hulle mense soos skape na al die kante toe gejaag.

22Ek hoor die vyande kom uit die noorde, hulle raas en hulle kom om die stede van Juda te verwoes en die mense weg te vat. Net jakkalse sal daar woon.

23Here, ek weet ’n mens kan nie self besluit oor wat met hom sal gebeur en hoe dit met hom sal gaan nie.

24Here, gee vir ons die straf wat ons moet kry, maar U moenie so kwaad wees dat U niks van ons laat oorbly nie.

25U moet kwaad wees vir die volke wat U nie ken en dien nie, want hulle het die nageslag van Jakob doodgemaak en hulle woonplek verwoes.

Jeremia 11

Israel en Juda het my verbond gebreek

1Jeremia het gehoor die Here sê vir hom:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2“Jy moet hoor wat Ek gesê het toe Ek ’n verbond gemaak het met die Israeliete, en
jy moet dit sê vir die mense van Juda en vir die mense wat in Jerusalem woon.

3Jy moet vir hulle sê: Die Here, die God van Israel, sê: Ek vervloek die man wat nie
gehoorsaam is aan wat Ek gesê het toe Ek met julle voorvaders ’n verbond gemaak
het nie.

4Dit het in Egipte baie sleg gegaan met julle voorvaders, en Ek het hulle uit Egipte
gebring. Ek het vir hulle gesê: Julle moet gehoorsaam wees aan My en julle moet
alles doen wat Ek vir julle sê. Dan sal julle my volk wees en Ek sal julle God wees.

5En dan sal Ek aanhou doen wat Ek vir julle voorvaders belowe het. Ek het gesê Ek sal
vir hulle ’n land gee waar daar baie melk en heuning is, en julle het vandag so ’n
land.” Ek, Jeremia, het geantwoord: “Amen, Here.”

6Toe sê die Here vir my: “Gaan praat met die mense in die stede van Juda en op die
strate van Jerusalem. Jy moet vir hulle sê: Julle moet gehoorsaam wees en doen wat
Ek gesê het toe Ek ’n verbond gemaak het met julle voorvaders.

7“Vandat Ek julle voorvaders uit Egipte gebring het tot vandag toe het Ek aangehou
om vir julle te sê: Julle moet gehoorsaam wees aan My.

8Maar julle was nie gehoorsaam nie, julle het nie geluister nie. Julle was hardkoppig
en het aangehou lewe soos julle slegte harte vir julle gesê het. Daarom het Ek met
julle laat gebeur wat Ek gesê het toe Ek die verbond gemaak het met julle
voorvaders. Julle het nie gedoen wat Ek gesê het julle moet doen nie.”

9Die Here het ook vir my gesê: “Die mense van Juda en die mense wat in Jerusalem
woon, het besluit om ander gode te dien.

10Hulle het dieselfde sondes gedoen wat hulle voorvaders gedoen het. Hulle
voorvaders was nie gehoorsaam aan wat Ek gesê het nie en hulle het ander gode
gaan dien. Die volk Israel en die volk Juda het die verbond gebreek wat Ek met hulle
voorvaders gemaak het.

11Daarom sal Ek hulle straf. Hulle sal swaarkry en hulle sal My roep en vra Ek moet
help, maar Ek sal nie luister nie.

12Die mense van Juda en die mense wat in Jerusalem woon, sal dan na hulle gode
roep en hulle sal vra dat die gode hulle moet help. Hulle het wierook-offers vir
daardie gode gebring, maar die gode sal hulle glad nie kan red wanneer dit sleg gaan
nie.

13Die mense van Juda het baie gode gehad, so baie soos hulle stede. In Jerusalem
was daar baie altare, so baie soos hulle strate. Hulle het wierook-offers op die altare
gebring vir die skande-afgod Baäl.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14 En jy, Jeremia, jy moenie vir hierdie volk bid nie, jy moenie vir My vra om hulle te
help nie, want Ek sal nie luister wanneer hulle My roep nie, Ek sal nie hulle swaarkry
wegvat nie.

15 "Julle loop heen en weer in my tempel en julle maak slim planne, dit sal julle niks
help nie. Julle offer baie vleis, maar dit sal nie julle swaarkry wegvat nie. Julle het
slegte dinge gedoen, en julle mag nie nou juig nie."

16 Die Here het gesê julle is soos groen olyfbome wat mooi vrugte dra, maar nou sal
Hy vyande laat kom, en hulle sal skree en die olyfbome se blare brand of die blare
van die takke af-eet.

17 Die Here wat oor alles regeer, het die olyfboom geplant, Hy het vir die Israeliete
lewe gegee. Maar Hy het nou besluit dat hulle sal swaarkry, want die volk Israel en
die volk Juda het slegte dinge gedoen. Hulle het vir Baäl wierook-offers gebring en so
het hulle die Here kwaad gemaak.

Jeremia se vyande wil hom doodmaak

18 Die Here het dit vir my gesê, en nou weet ek dit. Hy het my laat sien wat my
vyande doen.

19 Ek was soos 'n mak lam, hulle wou my slag, maar ek het dit nie geweet nie. Hulle
het planne gemaak teen my en hulle het gesê: "Kom ons kap hierdie boom af saam
met sy vrugte. Ons wil hom wegvat van die mense wat lewe. Niemand moet onthou
dat hy gelewe het nie."

20 Here, U wat oor alles regeer, U is die Regverdige Regter, U weet wat mense dink.
U moet vir my wys dat U my vyande straf, want ek het vir U vertel wat hulle gedoen
het.

21 Die Here het gesê: "Jeremia, die manne van die stad Anatot wil jou doodmaak.
Hulle het gesê: 'Jy mag nie 'n profeet wees nie, jy mag nie sê die Here het jou
gestuur nie. As jy dit doen, dan sal ons jou doodmaak.' "

22 Die Here wat oor alles regeer, het gesê: "Omdat hulle dit gedoen het, sal Ek hulle
straf. Hulle jongmanne sal sterf in oorlog, hulle seuns en dogters sal sterf, want hulle
sal nie kos hê om te eet nie.

23 Nie een van hulle sal aanhou lewe nie. Dit sal sleg gaan met die manne van Anatot
wanneer Ek hulle straf."

Jeremia 12

1 Here, wanneer ek by U kla oor wat U doen, dan is U altyd reg en U doen altyd wat
reg is, maar nou wil ek vra: Hoekom gaan dit goed met mense wat verkeerd doen en
wat ontrou is aan U?

© Bible Society of South Africa.

2Hulle is soos bome wat U self geplant het en wat wortels gekry het en grootgeword het en vrugte dra. Hulle noem graag u Naam, maar U is nie in hulle harte nie.

3Here, U ken my, U weet wat ek doen en hoe ek oor U dink. U moet my vyande straf, U moet hulle doodmaak soos ’n mens slagskape doodmaak.

4Hoe lank sal die land nog treur? Hoe lank sal al die gras in die veld nog droog wees? Die diere en die voëls treur omdat die mense van die land so sleg is. Die mense het gesê: “Jeremia sal dood wees voordat ons dood is.”

5Die Here het vir my gesê: “Jeremia, jy word moeg wanneer jy resies moet hardloop teen mense. Hoe sal dit met jou gaan wanneer jy teen perde moet hardloop? Jy is nie bekommerd in ’n land waar daar vrede is nie. Maar wat sal jy maak tussen die baie bome langs die Jordaan-rivier?

6Jou broers, jou eie familie, verraai jou ook en hulle sê ander mense moenie na jou luister nie. Wanneer jou familie vriendelik praat met jou, dan moet jy hulle nie glo nie.”

Ek is lief vir die volk, maar Ek het hulle vir hulle vyande gegee

7Die Here sê: “Ek het ook weggegaan van my huis, Ek het gesê dit behoort aan My, maar ek wil dit nie meer hê nie. Ek is lief vir die volk, maar Ek het hulle vir hulle vyande gegee.

8Die volk wat aan My behoort, het vir My geword soos ’n leeu wat in die bos vir My brul. Daarom haat Ek hulle.

9Die volk wat aan My behoort, is soos ’n dooie dier, ’n hiëna vreet daaraan terwyl die aasvoëls wag. Kom, maak al die wilde diere bymekaar sodat hulle ook kan kom vreet.

10Baie konings het my mooi land verwoes, niemand woon nou daar nie. Hulle was soos skaapwagters wat hulle skape injaag in ’n wingerd om alles plat te trap.

11Hulle het die land verwoes, niemand woon nou daar nie. Die plante in die land is droog en verlep, en niemand is bekommerd daaroor nie.

12Die mense het gekom oor die heuwels in die woestyn waar daar niks plante groei nie, hulle het gekom om die land te verwoes.” Die Here het hulle gestuur, hulle is die swaard waarmee Hy mense doodmaak in die hele land. Daar is vir niemand vrede nie.

13Die mense van Juda en Jerusalem het koring gesaai, maar hulle het dorings gekry. Hulle het gewerk totdat hulle moeg was, maar hulle het niks gekry nie. Hulle het niks, want die Here is kwaad vir hulle.

14Die Here sê: “Ek praat oor die ander volke rondom my volk. Hulle het die grond gevat wat Ek vir my volk Israel gegee het. Nou sal Ek hulle wegvat uit hulle lande, en Ek sal die mense van Juda wegvat wat by hulle is.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Maar nadat Ek hulle weggevat het, sal Ek jammer wees vir hulle en Ek sal hulle terugbring, elkeen na sy eie grond en sy eie land.

16Hulle het vir my volk geleer om Baäl te dien, maar, so seker soos Ek lewe, as hulle leer om My te dien soos my volk My dien, dan sal hulle ook my volk word.

17Maar as ’n volk nie gehoorsaam is aan My nie, dan sal Ek hulle heeltemal wegvat en laat sterf.” Dit het die Here gesê.

Jeremia 13

Die linne-skort wat gevrot het, en die wynkruike wat sal stukkend breek

1Die Here het vir my gesê: “Jy moet vir jou ’n linne-skort gaan koop en dit aantrek, maar jy moet dit nie nat laat word nie.”

2Ek het gedoen wat die Here gesê het, ek het die linne-skort gekoop en ek het dit aangetrek.

3Toe sê die Here vir my:

4“Vat die linne-skort wat jy gekoop het en wat jy aangetrek het en gaan na die Fara-vallei. Steek die linne-skort daar weg tussen die rotse.”

5Ek het toe gedoen wat die Here gesê het. Ek het gegaan en ek het die linne-skort in die Fara-vallei weggesteek.

6Ná ’n lang tyd het die Here vir my gesê: “Gaan na die Fara-vallei en gaan haal die linne-skort wat Ek vir jou gesê het om daar weg te steek.”

7Ek het na die Fara-vallei gegaan en ek het gegrawe en die linne-skort uitgehaal uit die plek waar ek dit weggesteek het. Ek het gesien dit is vrot, ’n mens kan dit nie meer gebruik nie.

8Toe hoor ek die Here praat met my.

9Hy het gesê: “Die mense van Juda en van die groot stad Jerusalem is trots op baie dinge, maar Ek sal al die dinge vrot laat word, soos die linne-skort.

10Hierdie slegte volk wil nie gehoorsaam wees aan My nie, hulle is hardkoppig, hulle doen net wat hulle wil, hulle dien ander gode en buig voor die gode. Hulle het geword soos hierdie linne-skort wat ’n mens nie kan gebruik nie.

11’n Mens maak ’n linne-skort vas om sy heupe. Net so het Ek die hele volk Israel en die hele volk Juda aan My vasgemaak. Ek wou hê hulle moes my volk wees en Ek wou trots wees op hulle, maar hulle was ongehoorsaam.

12Jy moet nou vir hulle sê: Die Here, die God van Israel, sê elke wynkruik moet vol wyn wees. Hulle sal vir jou sê hulle weet dat elke wynkruik vol wyn moet wees.

© Bible Society of South Africa.

13Dan moet jy vir hulle sê die Here sê: Ek sal almal in die land vol wyn maak sodat
hulle dronk word, ook die konings wat op die troon van Dawid sit, en die priesters
en profete en almal wat in Jerusalem woon.

14Dan sal Ek hulle teen mekaar stukkend stamp, pa's saam met kinders. Ek sal vir
niemand jammer wees nie, Ek sal hulle almal laat sterf." Dit het die Here gesê.

Die mense van Jerusalem sal nie weer rein kan word nie

15Julle moet gehoorsaam wees en luister, julle moenie hoogmoedig wees nie, want
die Here praat.

16Julle moet julle God die Here eer voordat Hy dit donker laat word, voordat julle
miskien julle tone stamp teen die berge waar dit altyd donker is. Julle sal wag dat dit
lig moet word, maar die Here sal dit donkerder en donkerder laat word.

17As julle hoogmoedig is en nie luister nie, dan sal ek alleen gaan staan en aanhou
huil. Baie trane sal uit my oë kom omdat vyande die volk van die Here gevang en
weggevat het.

18Iemand moet vir die koning en sy ma sê hulle moet afklim van hulle trone en op
die grond gaan sit, want hulle sal nie meer mooi krone op hulle koppe dra nie.

19Die vyande is rondom die stede van die Suid-land, niemand kan die mense laat
uitkom nie. Die vyande het al die mense van Juda gevang en almal weggevat.

20Mense van Jerusalem, julle moet kyk, julle sal sien dat die vyande uit die noorde
kom. Waar is die mense van Juda nou? Julle moes die mense oppas soos 'n herder sy
trop mooi skape en bokke oppas. Waar is daardie mense nou?

21Wat sal julle sê wanneer die vyande mense kies en aanstel oor julle? Julle het self
vir die mense geleer, wat sal julle sê as hulle nou oor júlle regeer? Julle sal skielik
pyne kry soos 'n vrou wat 'n baba kry.

22Julle vra vir julleself hoekom dit met julle gebeur het. Dit is omdat julle baie sonde
gedoen het. Julle is soos vroue, die vyande tel hulle rokke op en verkrag hulle.

23'n Kussiet is swart en 'n luiperd het kolle, hulle kan dit nie verander nie. Net so kan
julle nie verander nie, julle kan nie goed doen nie, want julle het te lank verkeerde
dinge gedoen.

24Ek sal julle na al die kante toe jaag. Dit sal wees soos wanneer die
woestynwind kaf wegwaai.

25Dit sal met julle gebeur, dit is wat Ek met julle sal doen, want julle het My vergeet.
Julle het gedink dinge wat niks beteken nie, sal julle help.

26-27Julle het afgode gedien op die heuwels in die veld. Ek het gesien watter slegte
dinge julle gedoen het. Julle was soos vroue wat egbreuk gepleeg het en prostitute
geword het. Daarom sal Ek julle straf soos 'n mens hierdie vroue straf, Ek sal julle

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

kaal uittrek sodat almal kan weet julle is sleg. Mense van Jerusalem, dit sal sleg gaan met julle. Julle sal nie weer rein kan word nie. Hoe lank sal julle so aanhou?

Jeremia 14

Here, moenie weggaan van ons nie

1 Jeremia het gehoor die Here praat met hom oor die droogte.

2 Die mense van Juda rou, almal in die poorte van die stede huil en treur, hulle dra rouklere en hulle sit op die grond. Die mense van Jerusalem skree en vra iemand moet hulle help.

3 Die belangrike mense stuur die mense wat vir hulle werk, om water te gaan haal, hulle kom by die watergate, maar hulle kry nie water nie, hulle kruike is leeg wanneer hulle terugkom, hulle weet nie wat om te sê of te doen nie, hulle is moedeloos.

4 Die koringplante lê plat op die grond, want dit het nie gereën op die land nie. Die boere weet nie wat om te doen nie, hulle is moedeloos.

5 Ja, ook die takbok in die veld los haar lam en gaan weg, want daar is nie gras nie.

6 Die wildedonkies staan op die heuwels waar daar nie plante groei nie, en hulle ruik die lug soos jakkalse. Hulle oë is dof, want daar is nie gras nie.

7 Here, ons sonde praat teen ons, en U moet met ons doen wat U besluit, want U is die Here. Ons het baie maal opgehou om U te dien, ons het teen U sonde gedoen.

8 U is die Hoop van Israel, sy Redder wanneer dit sleg gaan. Hoekom is U soos ’n vreemdeling in die land, soos iemand wat verbygaan en net van die pad afgaan om een nag daar te slaap?

9 Hoekom is U soos ’n man wat niks kan doen nie, soos ’n soldaat wat nie iemand kan red nie? Here, U is by ons, en ons behoort aan U. U moenie weggaan van ons nie.

10 Die Here sê vir hierdie volk dit is waar wat hulle sê, maar hulle hou daarvan om weg te loop van Hom, en hulle het aangehou om dit te doen. Daarom hou Hy nie meer van hulle nie. Hy sal onthou dat hulle verkeerd gedoen het en Hy sal hulle straf oor hulle sonde.

11 Die Here het vir my gesê: “Jy moenie vir hierdie volk bid nie, jy moenie vra dat dit goed moet gaan met hulle nie,

12 want wanneer hulle vas, dan sal Ek nie luister hoe hulle soebat nie. En wanneer hulle brand-offers en koring-offers bring, dan sal Ek dit nie neem nie. Nee, Ek sal hulle laat sterf in oorlog en van pes en omdat hulle nie kos het om te eet nie.”

© Bible Society of South Africa.

13Ek, Jeremia, het gesê: “Ag, Here, my Here, hoor wat sê die profete vir hulle. Hulle
sê U sê: ‘Julle moenie bang wees vir oorlog of vir honger nie, dit sal nie met julle
gebeur nie. Ek sal dit altyd goed laat gaan met julle in hierdie land.’ ”

14Toe sê die Here vir my: “Die profete lieg en hulle sê Ek het hulle gestuur, maar Ek
het hulle nie gestuur nie. Ek het nie vir hulle gesê wat hulle moet doen nie, Ek het nie
met hulle gepraat nie. Hulle dink self die dinge en sê vir julle hulle het iets gesien of
hulle weet iets wat ander mense nie kan weet nie.

15Daarom, hierdie profete sê Ek het hulle gestuur en daar sal nie oorlog en honger in
hierdie land kom nie. Maar hulle sal self sterf in oorlog en omdat hulle nie kos het
om te eet nie.

16En hulle probeer om profete vir mense te wees, maar daardie mense se dooie
liggame sal op die strate van Jerusalem lê. Hulle en hulle vroue en hulle kinders sal
sterf in oorlog en omdat hulle nie kos het om te eet nie. Niemand sal hulle begrawe
nie. Ek sal hulle straf oor die verkeerde dinge wat hulle gedoen het.

17En jy, Jeremia, jy moet vir hulle dít sê: “ ‘Ek sal aanhou huil, elke dag en nag, want
my volk het baie seer gekry, hulle kry baie swaar.

18Wanneer ek uitgaan in die veld, dan sal die dooie liggame daar lê, die liggame van
mense wat in oorlog gesterf het. En wanneer ek in die stad kom, dan sal ek sien hoe
sterf die mense omdat hulle nie kos het om te eet nie. Ja, ook die profete en
die priesters sal moet weggaan na ’n land wat hulle nie ken nie.’ ”

19Here, het U waarlik vir Juda gelos? Haat U vir Sion? Hoekom het U ons so hard
geslaan dat ons nie gesond kan word nie? Wanneer ons dink daar sal vrede wees,
dan kom daar niks wat goed is nie. Wanneer ons dink ons sal gesond word, dan
gebeur daar dinge wat ons nog banger maak.

20Here, ons weet ons is skuldig, en ons voorvaders was ook skuldig, want ons almal
het sonde gedoen teen U.

21U moet ons nie los nie, want U is die Here. U is op hierdie plek Koning, U moenie
dat mense nie meer hierdie plek eer nie. U moet onthou U het ’n verbond gemaak
met ons, U moenie die verbond breek nie.

22Nie een van die gode van die volke kan dit laat reën nie, die gode beteken niks, en
die lug kan nie self reën laat val nie. Net U kan dit doen, Here, ons God, en ons wag
dat U dit doen.

Jeremia 15

Ek wil nie meer jammer wees vir julle nie

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Die Here het vir my gesê: “As Moses en Samuel self vir My kom soebat, dan sal Ek
nog nie tevrede voel met hierdie volk nie. Stuur die volk weg, Ek wil hulle nie sien
nie.

2En wanneer hulle vir jou vra: ‘Waarnatoe moet ons gaan?’ dan moet jy vir hulle sê:
“ ‘Party van julle sal sterf van pes, die vyande sal party van julle doodmaak, party
van julle sal sterf omdat daar nie kos is om te eet nie, en die vyande sal party van
julle vang en wegvat.

3“ ‘Ek sal julle straf op vier maniere: Die vyande sal party van julle doodmaak met
swaarde, die honde sal julle dooie liggame wegsleep, die voëls sal julle vleis eet, die
wilde diere sal julle opvreet.

4Al die volke van die aarde sal skrik wanneer hulle sien wat met julle gebeur. Ek sal
dit doen oor wat Manasse, seun van koning Hiskia van Juda, gedoen het.

5“ ‘Mense van Jerusalem, niemand sal jammer wees vir julle nie, niemand sal
bekommerd wees oor julle nie, niemand sal afgaan van sy pad en kom vra hoe dit
met julle gaan nie.

6Julle het My gelos en weggegaan. Daarom het Ek my hand uitgesteek en julle plat
geslaan, Ek wil nie meer jammer wees vir julle nie.

7Ek het my volk soos kaf laat wegwaai van die dorsvloere by die poorte van die
stede. Ek het my volk se kinders weggevat en hulle laat sterf. Maar my volk het nie
hulle lewe verander nie.

8Ek het hulle weduwees meer gemaak as die sand van die see, Ek het in die middel
van die dag mense laat kom wat die ma’s van jongmanne aangeval het. Hulle het
skielik geskrik en bang geword.

9Ma’s wat sewe kinders gehad het, het bleek geword en kon nie asem kry nie. Hulle
son het ondergegaan toe dit nog dag was, hulle het gesterf voordat hulle oud was.
Hulle het al hulle kinders verloor en hulle het nie geweet wat om te doen nie. En Ek
sal vyande laat kom om almal dood te maak wat nog lewe.’ ”

Almal wens ek sterf

10Ek, Jeremia, het gesê: “Ma, dit gaan sleg met my. Ek, jou kind, moet al die mense in
die land beskuldig en vir hulle sê hulle het verkeerd gedoen. Ek het vir niemand geld
geleen nie, en ek het by niemand geld geleen nie, maar almal wil hê ek moet sterf.”

11Die Here het vir my gesê: “Dit is waar, maar Ek het jou hardkoppig gemaak, en dit
was goed vir jou. Dit is waar, maar Ek het jou beskerm teen jou vyande toe dit sleg
gegaan het met jou en toe jy swaargekry het.”

Ek gee julle goed verniet weg

12Die Here het vir die mense van Juda gesê: “Julle is soos yster, maar die vyande uit
die noorde is soos yster en brons, julle kan hulle nie breek nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Julle almal in julle hele land het sonde gedoen. Daarom gee Ek julle baie en duur
goed verniet weg, die vyande kan dit vat.

14Julle vyande sal julle wegvat na ’n land wat julle nie ken nie. Ek sal dit laat gebeur,
want Ek is kwaad vir julle en Ek wil julle straf. Dit sal wees soos ’n vuur wat brand.”

Dit help my nie dat ek aan U behoort nie

15Ek, Jeremia, het vir die Here gesê: “U weet hoe die mense my verneder omdat ek
aan U behoort. Dink aan my en beskerm my en straf die mense wat my wil vang en
doodmaak. Moenie aanhou kwaad wees vir my en my laat sterf nie.

16Toe U met my gepraat het, was u woorde vir my soos kos wat ek kon eet. Ek was
bly, want Here, God wat oor alles regeer, U het gesê ek behoort aan U.

17Maar ek kon nie saam met ander mense sit en gesels en lag en dit geniet nie, ek
het alleen gesit omdat ek aan U behoort. U was kwaad en U het my ook kwaad laat
word.

18Hoekom moet ek aanhou swaarkry en seerkry? Hoekom verander dit nie? Dit help
my nie dat ek aan U behoort nie, U is soos ’n rivier waar ek water wil drink, maar as
ek daar kom, dan is dit droog.”

Ek sal jou red en jou vrymaak

19Die Here het toe vir my gesê: “As jy ophou om so te praat, dan kan jy terugkom na
My toe en jy kan my dienaar wees. As jy sê wat jy moet sê en nie terugpraat teen
My nie, dan mag jy my profeet wees. Daardie mense wat sit en lag, moet word soos
jy, jy moenie soos hulle word nie.

20Ek maak jou soos ’n sterk muur, ’n muur van brons. Hulle sal met jou baklei, maar
hulle sal jou nie wen nie, want Ek is by jou en Ek sal jou red en jou vrymaak.

21Ek sal jou vrymaak van die slegte mense, die mense wat jou wil seermaak.” Dit sê
die Here.

Jeremia 16

Ek het my vrede weggevat van hierdie volk

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Jy moenie trou en kinders kry in hierdie plek nie,

3want Ek sê die kinders wat op hierdie plek gebore word, en hulle ouers in hierdie
land,

4sal baie siek word en sterf. Niemand sal oor hulle huil en rou en hulle begrawe nie.
Hulle sal op die grond bly lê soos beesmis. Hulle sal sterf in oorlog of omdat hulle nie
kos het nie, en die voëls en die diere sal hulle dooie liggame vreet.”

© Bible Society of South Africa.

5Ja, die Here het gesê: “Jy moenie in ’n huis kom waar mense saam eet om te rou nie, en jy moenie saam gaan rou en vir hulle wys jy is jammer nie, want Ek sal dit nie meer laat goed gaan met hierdie volk nie. Ek is nie meer lief en jammer vir hulle nie.

6Die grootmense en die kinders in hierdie land sal sterf. Niemand sal hulle begrawe en oor hulle rou nie. Niemand sal homself stukkend sny of sy hare afskeer om te wys hy is hartseer oor hulle nie.

7Wanneer iemand oor sy pa of oor sy ma rou, dan sal niemand vir hom ’n stukkie brood gee of vir hom iets gee om te drink om hom te troos nie.

8En jy moenie in ’n eetkamer kom en saam met die mense eet en drink nie.

9Ja, die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Daar sal in hierdie plek nie meer partytjies wees waar mense vrolik en bly is nie, en hulle sal nie meer trou nie. Dit sal in julle tyd gebeur en julle sal dit sien.

10En wanneer jy dit alles vir hierdie mense gesê het, en hulle vra vir jou: ‘Hoekom het die Here gesê Hy sal dit so sleg laat gaan met ons? Wat het ons verkeerd gedoen? Watter sonde het ons gedoen teen ons God die Here?’

11dan moet jy vir hulle sê: Die Here sê: ‘Dit is omdat julle voorvaders ander gode gaan dien het en hulle aanbid het, en weggegaan het van My, en nie gedoen het wat Ek gesê het nie.

12En júlle, julle het slegter dinge gedoen as julle voorvaders. Julle is hardkoppig, julle lewe soos julle self besluit, julle is nie gehoorsaam aan My nie.

13Ek sal julle ver weggooi uit hierdie land tot in ’n land wat julle en julle voorvaders nie geken het nie, en daar sal julle elke dag en elke nag vir ander gode werk, en Ek sal nie jammer wees vir julle nie.’ ”

14Die Here sê: “Dit sal gebeur, en daarom sal daar ’n tyd kom wanneer die mense nie meer sal sê: ‘So seker soos die Here lewe wat die Israeliete uit Egipte gebring het’ nie.

15Nee, hulle sal dan sê: ‘So seker soos die Here lewe wat die Israeliete gebring het uit die land in die noorde en uit al die lande waarnatoe Hy hulle weggejaag het.’ Ek sal hulle terugbring na die land wat Ek vir hulle voorvaders gegee het.

16Maar nou stuur Ek baie vyande wat die Israeliete sal vang soos mense vis vang, en hulle sal die Israeliete doodmaak soos mense wilde diere jag, op al die berge en tussen die rotse.

17Ek doen dit omdat Ek alles sien wat hulle doen. Hulle kan niks wegsteek vir My nie, Ek sien die verkeerde dinge wat hulle doen.

© Bible Society of South Africa.

18Ek sal hulle twee maal straf oor elke verkeerde ding en sonde wat hulle doen. Hulle het my land ontwy met hulle dooie afgode, hulle het die land wat aan My behoort, volgemaak met dinge wat Ek haat."

Volke uit ver lande sal na die Here toe kom

19Ek, Jeremia, het gebid en gesê: "Here, dit is U wat my sterk maak en my beskerm, U wat my veilig laat voel wanneer daar gevaar is. Volke uit ver lande sal na U toe kom en hulle sal sê: 'Waarlik, ons voorvaders het gode gedien wat nie gode is nie, daardie gode beteken niks, hulle kan ons nie help nie.'

20Mense maak vir hulle gode, maar dit is nie gode nie."

21Die Here het geantwoord en gesê: "Daarom sal Ek vir die Israeliete leer. Ek sal vir hulle nou leer wat Ek kan doen, en hulle sal besef dat my Naam die Here is."

Jeremia 17

Julle sal weggaan

1Die Here sê: "Niemand kan die sonde van die mense van Juda uitvee nie. Dit is geskryf op hulle harde hart en op die horings van hulle altare soos 'n mens letters op klip uitkrap met 'n ysterpen wat 'n diamant-punt het.

2Dit moet hulle laat dink aan hulle seuns, aan hulle altare en aan hulle gewyde pale by die groen bome en op die hoë heuwels, op die berge van die land.

3Ek sal alles wat julle besit, vir julle vyande gee om te vat, al julle mooi goed, want julle het offer-plekke oral in julle land gebou en julle het sonde gedoen.

4Julle sal moet weggaan uit die land wat Ek vir julle gegee het, en Ek sal julle vir julle vyande laat werk in 'n land wat julle nie geken het nie, want Ek is kwaad vir julle. Dit is soos 'n vuur wat altyd sal aanhou brand."

Die Here vervloek en die Here seën

5Die Here sê: "Ek vervloek die man wat weggaan van My, die man wat dink dat 'n mens wat kan sterf, hom kan help en hom sterk kan maak.

6So iemand sal word soos 'n bossie in 'n plek waar dit nie reën nie, 'n bossie wat altyd in die warm son staan en in 'n klip-woestyn groei, in sout-grond waar niks lewe nie."

7Die Here sal die man seën wat glo dat die Here hom sal help en hom sal beskerm.

8So iemand sal wees soos 'n boom wat naby die water staan. Sy wortels kom tot by die waterstroom, en hy voel nie wanneer dit warm word nie. Sy blare is altyd groen, en wanneer dit nie reën nie, dan is hy nie bekommerd nie, hy hou aan om vrugte te dra.

Mense wat ander mense bedrieg, sal alles verloor wat hulle het

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Mense bedrieg hulleself en ander mense, hulle kan nie ophou om dit te doen nie,
hulle verstaan hulleself nie.

10Maar Ek, die Here, sien wat mense dink en wat hulle wil doen, en Ek straf hulle oor
wat hulle doen.

11'n Mens wat ryk word omdat hy ander mense bedrieg, is soos 'n fisant wat op
ander fisante se eiers broei. So 'n mens sal alles verloor wat hy het, hy sal dit verloor
voordat hy oud is, en hy sal sterf soos 'n dwaas.

Dit sal sleg gaan met die mense wat weggaan van die Here

12Die plek waar ons tempel staan, was nog altyd hoog, die Here is daar, soos 'n
koning wat op sy troon sit.

13Here, U is God, Israel hoop op U. Dit sal sleg gaan met die mense wat weggaan van
U. U skryf hulle name op, hulle sal sterf, want hulle het weggegaan van U wat lewe
gee. U is soos 'n fontein wat altyd water het en wat mense laat lewe.

Jeremia bid en vra dat die Here sy vyande moet straf

14Here, wanneer U my gesond maak, dan sal ek gesond wees, wanneer U my red,
dan sal dit goed gaan met my. Ja, Ek sal U prys.

15U hoor wat die mense sê. Hulle vra vir my: "As die Here jou gestuur het om te
praat, wanneer sal die dinge gebeur wat jy sê?"

16Here, ek het aangehou om 'n herder te wees vir u volk en ek het nie gewens dat
die dag gou moet kom nie, die dag wanneer U hulle sal straf. U weet wat ek gesê het,
U het dit gehoor.

17U moenie my laat bang word vir U nie, want ek wil na U toe kom en veilig wees by
U wanneer U begin om die mense te straf.

18U moet dit sleg laat gaan met my vyande, U moenie dit met mý sleg laat gaan nie.
U moet húlle bang laat word, U moenie my bang laat word nie. U moet nou begin om
hulle te straf, U moet hulle baie swaar laat kry.

Die Sabbatdag

19Die Here het vir my, Jeremia, gesê: "Jy moet in die Volkspoort gaan staan waar die
konings van Juda ingaan en uitgaan. Jy moet ook in al die ander poorte van
Jerusalem gaan staan,

20en jy moet vir die mense sê: Konings van Juda en al die mense van Juda, en almal
wat in Jerusalem woon en wat deur hierdie poorte gaan, julle moet luister na wat die
Here sê.

21Die Here sê: Julle moet oppas. As julle wil aanhou lewe, dan moet julle nie op die
Sabbatdag iets dra en dit deur die poorte van Jerusalem bring nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Julle moenie op die Sabbatdag iets uit julle huise bring of enige werk doen nie. Die Sabbatdag moet vir julle ’n gewyde dag wees, soos Ek vir julle voorvaders gesê het.

23Julle voorvaders was ongehoorsaam, hulle het nie geluister nie, hulle was hardkoppig en hulle het nie gedoen wat Ek vir hulle gesê het nie.

24Julle moet nou goed luister. Julle moenie op die Sabbatdag iets dra deur die poorte van hierdie stad nie en julle moenie op die Sabbatdag werk nie. Dit moet ’n gewyde dag vir julle wees.

25As julle gehoorsaam is, dan sal daar deur hierdie poorte konings en prinse kom wat sal regeer op die troon van Dawid. Hulle sal op oorlogkarre en perde ry, hulle en hulle amptenare en die mense van Juda en die mense wat in Jerusalem woon. Daar sal altyd mense in hierdie stad woon.

26Hulle sal kom uit die stede van Juda, uit die plekke naby Jerusalem, uit die land Benjamin, uit die Laeveld, uit die Bergland en uit die Suid-land. Hulle sal offers na die tempel bring: brand-offers en koring-offers en wierook-offers, en hulle sal sing en vir die Here dankie sê.

27Maar as hulle nie gehoorsaam is aan My nie en as hulle op die Sabbatdag iets dra deur die poorte van Jerusalem, dan sal Ek die stad aan die brand steek. Die mooi huise van Jerusalem sal verbrand, en die vuur sal aanhou brand.”

Jeremia 18

Ek kan met julle doen soos die pottebakker met die klei doen

1Ek, Jeremia, het gehoor die Here sê vir my:

2“Jy moet na die pottebakker se huis gaan. Ek sal daar met jou praat.”

3Ek het na die pottebakker se huis gegaan, en hy was toe besig om iets te maak.

4Maar die ding wat hy van klei gemaak het, was nie reg nie, en toe maak hy van die klei iets anders soos hy dit wou hê.

5Die Here het toe vir my gesê: “Jy moet vir die mense sê die Here sê:

6Israeliete, Ek kan met julle doen soos die pottebakker met die klei doen.

7Ek kan nou sê Ek wil ’n volk of ’n land uitruk en omgooi en verwoes,

8en wanneer daardie volk ophou om die slegte dinge te doen waaroor Ek hulle wil straf, dan sal Ek besluit Ek straf hulle nie.

9Of Ek kan nou sê Ek wil ’n volk of ’n land bou en plant,

10maar wanneer daardie volk ongehoorsaam is en dinge doen waarvan Ek nie hou nie, dan sal Ek besluit Ek sal nie aan hulle die goeie dinge doen wat Ek belowe het nie.

© Bible Society of South Africa.

11Daarom moet jy vir die mense van Juda en vir die mense wat in Jerusalem woon, sê die Here sê: Ek wil dit sleg laat gaan met julle, Ek het dit klaar besluit. Julle moet ophou om slegte dinge te doen, julle moet reg lewe en julle moet goeie dinge doen.

12Jeremia, Ek weet die mense sal sê dit maak nie saak nie, hulle wil doen wat hulle wil. Hulle is hardkoppig, elkeen wil doen wat sy slegte hart vir hom sê.

13Daarom sê Ek: “Gaan vra vir ander volke of hulle al so iets gehoor het. Die Israeliete het ’n baie lelike ding gedoen.

14Op die Libanon-berg is daar altyd sneeu en die riviertjies koue water wat van ver kom, hou aan om te vloei.

15Maar my volk het My vergeet en hulle het wierook-offers gebring vir gode wat nie regtig gode is nie. Die volk het nie aangehou loop op die goeie ou paaie nie, hulle het begin loop op paaie wat nie paaie is nie, en hulle het oor die klippe begin val.

16Dit is hulle skuld dat hulle land sal verander. Mense sal bang word wanneer hulle sien daar woon nie meer mense in die land nie, en hulle sal fluit. Dit sal altyd so wees. Almal wat deur die land loop, sal bang word en hulle sal hulle kop skud.

17Ek sal die mense van Juda na al die kante toe jaag wanneer hulle vyande hulle aanval. Ek sal hulle jaag soos die oostewind die kaf wegwaai. En wanneer hulle daardie dag bang word en wil vra dat Ek hulle moet help, dan sal Ek wegdraai, Ek sal nie na hulle kyk nie.”

18Die mense van Juda het gesê: “Ons moet ’n plan maak teen Jeremia. Ons moet slegte dinge oor hom vir die mense vertel, ons moenie bekommerd wees oor wat hy sê nie. Daar sal altyd priesters wees om vir ons te leer, en wyse mense om vir ons te vertel wat ons moet doen, en profete wat vir ons sê wat die Here sê.”

19Daarom vra ek, Jeremia: “Here, U moet my beskerm, U moet hoor wat my vyande sê. Ek het goeie dinge gedoen aan hulle, maar hulle wil ’n slegte ding doen aan my, soos wanneer iemand ’n gat grawe om ’n dier te vang.

20U moet onthou dat ek mooi vir U gevra het om hulle nie te straf nie en om nie meer kwaad te wees vir hulle nie.

21Maar nou moet U hulle straf omdat hulle so doen aan my. U moet hulle kinders laat doodgaan van honger, en U moet vyande laat kom om oorlog te maak teen hulle, U moet hulle vroue se kinders en hulle mans laat sterf. U moet hulle mans laat sterf van siekte, en hulle jongmanne moet sterf in oorlog.

22Hulle wou my vang soos ’n dier in ’n vang-gat of ’n vangstrik. Daarom bid ek dat hulle moet swaarkry, hulle moet skree dat iemand hulle moet help wanneer U hulle vyande skielik soos rowers laat kom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Here, U weet alles wat hulle wil doen om my dood te maak, U moenie goed word vir hulle nie, U moenie hulle sonde vergewe nie, U moet kwaad bly vir hulle, U moet hulle laat sterf.”

Jeremia 19

Ek sal hierdie volk en hierdie stad breek

1Die Here het gesê: “Jy moet ’n kleipot gaan koop wat ’n pottebakker gemaak het en in ’n oond gebak het. Jy moet ’n paar leiers van die volk en leiers van die priesters saamneem

2en julle moet na die Ben-Hinnom-vallei gaan wat naby die Potskerf-poort is. Daar moet jy hard praat en sê wat Ek vir jou sal sê.

3Jy moet sê: ‘Konings van Juda en mense wat in Jerusalem woon, julle moet luister na wat die Here sê. Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Ek sal dit nou sleg laat gaan met die mense in hierdie plek. Elkeen wat hoor wat gebeur, sal dit nie kan glo nie.’

4Dit sal gebeur omdat hulle weggegaan het van My. Hulle het hierdie plek ontwy en hulle het hier wierook-offers gebring vir ander gode, gode wat hulle en hulle voorvaders en die konings van Juda voorheen nie geken het nie. En hulle het hier baie onskuldige mense doodgemaak.

5Hulle het ook die offer-plekke van Baäl gebou om hulle seuns te verbrand. Dit was brand-offers vir Baäl. Ek het nie gesê hulle moet dit doen nie, Ek het nooit aan so iets gedink nie.

6Daarom sê Ek nou: Daar sal ’n tyd kom wanneer die mense nie meer hierdie plek sal noem ‘Tofet’ of ‘Ben-Hinnom-vallei’ nie, hulle sal dit ‘Moord-vallei’ noem.

7Die mense van Juda en Jerusalem het planne gemaak, Ek sal hulle planne hier breek soos ’n mens ’n kleipot breek. Ek sal hulle vyande bring om hulle met swaarde dood te maak, en Ek sal hulle dooie liggame hier laat lê sodat die voëls en die wilde diere dit kan vreet.

8Mense sal bang word wanneer hulle hierdie stad sien, en hulle sal fluit. Elkeen wat deur die stad loop, sal bewe en fluit omdat die vyande die stad so verwoes het.

9Ek sal vyande bring wat die mense van die stad wil doodmaak. Die vyande sal rondom die stad wees, en niemand sal uit die stad kan kom nie. Dan sal die mense van die stad hulle eie kinders en mekaar begin doodmaak en eet.

10Jeremia, jy moet die kleipot breek. Die mense wat saam met jou gegaan het, moet dit sien,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11en jy moet vir hulle sê die Here wat oor alles regeer, sê: Jeremia het die kleipot gebreek en niemand kan dit heelmaak nie. So sal Ek hierdie volk en hierdie stad ook breek. Hulle sal hier in Tofet die mense moet begrawe wat sterf, want daar sal nie meer ander plek wees om grafte te maak nie.

12Dit is wat Ek sal doen met hierdie stad en met die mense wat hier woon. Ek sal hulle soos Tofet maak.

13Die vyande sal die huise in Jerusalem en die paleise van die konings van Juda verwoes soos hulle Tofet verwoes het. Die huise en die paleise sal onrein word. Die mense van Jerusalem en die konings van Juda het op hulle huise se dakke wierook-offers gebring vir die son en die maan en al die sterre, en hulle het daar drank-offers uitgegooi vir ander gode."

14Jeremia het teruggekom van Tofet. Die Here het hom daarnatoe gestuur om 'n boodskap te bring. Jeremia het op die oop stuk grond voor die tempel gaan staan en vir al die mense gesê:

15"Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Die mense van hierdie stad en die ander stede hier naby was hardkoppig, hulle was nie gehoorsaam aan My nie. Daarom sal Ek al die slegte dinge laat gebeur wat Ek gesê het."

Jeremia 20

1Die priester Pasgur was die hoof-opsigter van die tempel, en hy het gehoor wat Jeremia sê.

2Pasgur het die profeet Jeremia geslaan en hy het Jeremia in die blok gesit wat in die tempelpoort, die Boonste Benjamin-poort, was.

3Toe hy Jeremia die volgende oggend uit die blok haal, het Jeremia vir hom gesê: "Die Here sê jou naam is nie meer Pasgur nie, jou naam is nou Skrik-van-al-die-kante.

4Ja, die Here sê: Ek sal jou laat skrik vir jouself, en jou hele familie sal skrik. Jy sal sien hoe hulle vyande hulle doodmaak. Ek gee al die mense in die land Juda vir die koning van Babel. Hy sal hulle oorwin en hy sal party mense doodmaak en party wegvat na die land Babel.

5En Ek gee al die goed van hierdie stad vir die vyande, al die mooi goed wat die mense en die konings van Juda het. Die vyande sal alles vat wat hulle wil hê en hulle sal dit wegvat na Babel.

6En, Pasgur, jy en almal in jou huis sal gevangenes word in Babel. Jy het gelieg toe jy gesê het dat die Here jou gestuur het. Julle sal daar in Babel sterf en die mense sal jou daar begrawe."

Hoekom is ek gebore?

© Bible Society of South Africa.

7Here, U het my bedrieg, en ek het geglo wat U gesê het, U was te sterk vir my, U het gewen. Die mense lag die hele dag vir my, almal spot my,

8want elke maal wanneer ek moet praat, dan moet ek skree en sê hoe hierdie mense ander mense seermaak en laat swaarkry. Die mense spot my en hulle lag vir my omdat ek sê wat U vir my sê.

9En wanneer ek dink ek sal U vergeet en ek sal nie u profeet wees nie, dan brand dit soos ’n vuur binne-in my. Ek probeer stilbly, maar ek is moeg, ek kan nie meer nie.

10Want ek hoor hoe sê die mense saggies vir mekaar: “Hy het gesê daar kom skrik van al die kante. Kom ons sê vir almal wat Jeremia sê, kom ons beskuldig hom.” Almal wat my vriende was, wag ook dat dit sleg moet gaan met my. Hulle sê: “Miskien kan ons vir Jeremia iets laat doen wat verkeerd is, dan kan ons hom vang en hom straf oor die dinge wat hy doen.”

11Maar, Here, U is die Sterk Soldaat wat my beskerm. Daarom sal my vyande val, hulle sal nie wen nie. Hulle sal verloor, hulle sal nie regkry wat hulle wil doen nie, almal sal aanhou om hulle te spot.

12Here, U wat oor alles regeer, U wat weet wat mense dink, U moet vir my wys hoe U my vyande straf, want ek het vir U gesê wat hulle doen.

13Julle moet vir die Here sing, julle moet Hom prys, want Hy red mense wat hulleself nie kan red nie, Hy red hulle van slegte mense.

14Ek wens ek was nooit gebore nie, ek wens die dag toe my ma my gekry het, het nooit gekom nie.

15Ek wens die man sterf wat vir my pa kom sê het dat my pa ’n seun gekry het. My pa was daardie dag baie bly.

16Ek wens daardie man word soos die stede wat die Here verwoes het. Niemand moet jammer wees vir daardie man nie, hy moet elke dag hoor hoe skree die mense en hoe vra hulle dat iemand hulle moet help. Hy moet hoor hoe blaas hulle die ramshoring in die middel van die dag.

17Dit moet so sleg gaan met daardie man omdat hy my nie doodgemaak het toe ek gebore is nie. Dan was my ma my graf, dan was sy vir altyd swanger.

18Hoekom is ek gebore? Hoekom kry ek net seer en swaar? Hoekom misluk alles wat ek doen?

Jeremia 21

Julle kan kies: Wil julle lewe of wil julle sterf

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Jeremia het gehoor die Here praat met hom. Dit het gebeur toe koning Sedekia vir
Pasgur seun van Malkija en vir die priester Sefanja seun van Maäseja na Jeremia toe
gestuur het. Hulle het vir Jeremia gesê:

2"Jy moet asseblief vir die Here vra wat ons moet doen, want koning Nebukadnesar
van Babel maak oorlog teen ons. Miskien wil die Here weer 'n wonderwerk doen
soos Hy altyd gedoen het, en dan sal die koning van Babel weggaan van ons."

3Jeremia het vir hulle gesê:

4"Julle moet vir Sedekia sê die Here, die God van Israel, sê: Julle maak nou oorlog
teen die koning van Babel en die Galdeërs wat buite rondom die stad is, maar Ek sal
nou julle spiese en pyle waarmee julle oorlog maak, omdraai teen julleself, en Ek sal
die vyande binne-in hierdie stad laat kom.

5Ek sal self teen julle oorlog maak en julle straf, want Ek is kwaad, baie kwaad.

6Ek sal almal in die stad, die mense en die diere, laat sterf van 'n groot pes.

7En daarna sal Ek koning Sedekia van Juda en sy amptenare gee vir koning
Nebukadnesar van Babel, Ek sal ook vir Nebukadnesar die mense gee wat nie gesterf
het van pes en oorlog en honger nie. Ek sal hulle gee vir hulle vyande wat hulle wil
doodmaak. Die vyande sal hierdie mense doodmaak, hulle sal nie jammer wees vir
hulle nie, hulle sal nie een laat lewe nie.

8En, Jeremia, jy moet vir hierdie volk sê: Julle kan kies of julle wil lewe en of julle wil
sterf.

9Almal wat in hierdie stad bly, sal sterf. Die vyande sal julle doodmaak of julle sal
sterf van pes of van honger. Maar elkeen wat uit die stad gaan en na die Galdeërs
toe gaan wat rondom die stad is, hy sal aanhou lewe. Hy sal niks anders hê nie, maar
hy sal lewe.

10Ja, Ek het hierdie stad se vyand geword. Ek sal dit sleg laat gaan met julle, Ek sal dit
nie goed laat gaan nie. Ek gee die stad vir die koning van Babel, en hy sal die stad
verbrand."

Die Here sal die familie van die koning straf

11Die Here het vir Jeremia gesê hy moet vir die familie van die koning van Juda sê:
"Julle moet luister na wat die Here sê.

12Die Here sê vir die nageslag van Dawid: Julle moet elke oggend reg doen aan
mense. Mense vat ander mense se goed en laat hulle swaarkry, maar julle moet die
mense help wat swaarkry. As julle dit nie doen nie, dan sal Ek baie kwaad word. Dit
sal wees soos 'n vuur wat aanhou brand. Niemand sal die vuur doodmaak nie, want
julle doen baie slegte dinge.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Die Here sê vir julle wat buite die stad woon, op die rots bokant die gelyk grond:
Julle dink julle is veilig daar en julle is nie bang nie, maar Ek is julle vyand.

14Ek sal julle straf oor die dinge wat julle doen, Ek sal julle paleis aan die brand steek,
en alles rondom die paleis sal brand."

Jeremia 22

Die vyande sal die paleis van die koning verwoes

1Die Here het gesê: "Jeremia, jy moet gaan na die paleis van die koning van Juda en
jy moet sê wat Ek vir jou sê.

2Jy moet sê: Jy, koning van Juda wat op die troon van Dawid sit, jy moet luister na
wat die Here sê, jy en jou amptenare en jou mense wat hier in die poorte kom om
te oordeel.

3Die Here sê: Julle moet reg doen en julle moet die mense straf wat verkeerd doen.
Julle moet die mense help wanneer ander mense hulle goed gevat het, julle
moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees laat swaarkry nie, julle moenie in
hierdie plek mense laat doodmaak wat onskuldig is nie.

4As julle regtig reg doen, dan sal daar konings kom wat op die troon van Dawid
regeer. Die konings en hulle amptenare en hulle mense sal deur die poorte van
hierdie paleis kom en hulle sal op waens en perde ry.

5Maar as julle nie luister nie, dan sal Ek hierdie paleis afbreek, dit belowe Ek."

6Ja, die Here sê oor die paleis van die koning van Juda: "Jy was vir My soos die land
Gilead, soos die bome op die Libanon-berg, maar Ek sal jou laat word soos 'n
woestyn waar niemand woon nie.

7Ek sal mense stuur om jou te verwoes, hulle sal kom met hulle byle en hulle sal jou
mooi sederhout planke stukkend kap en in die vuur gooi.

8"Baie mense sal by hierdie stad verbykom en hulle sal vir mekaar vra: 'Hoekom het
die Here dit gedoen met hierdie groot stad?'

9En hulle sal sê: 'Die Here het dit gedoen omdat die mense van hierdie stad die
verbond met hulle God die Here gebreek het. Hulle het weggegaan van die Here,
hulle het voor ander gode gebuig en hulle gedien.' "

Sallum sal nie terugkom nie

10Julle moenie huil oor die koning wat dood is nie, julle moenie oor hom rou nie.
Julle moet huil oor die koning wat moes weggaan, want hy sal nie terugkom nie, hy
sal die land nie weer sien nie, die land waar hy gebore is.

11Want die Here sê oor Sallum, seun van koning Josia van Juda: "Sallum het
weggegaan van hier en hy sal nie hiernatoe terugkom nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Want die vyande het hom weggevat na ’n ander land, en in daardie land sal hy
sterf. Hy sal hierdie land nie weer sien nie.”

Dit sal sleg gaan met Jojakim

13Die Here sê: “Dit sal sleg gaan met die koning wat vir hom ’n paleis bou, ’n paleis
met bo-kamers. Hy laat mense dit bou maar hy betaal hulle nie, hy laat hulle werk,
maar hy gee hulle niks.

14Hy sê hy wil ’n groot paleis bou met bo-kamers, die wind moet daardeur waai. Hy
sit vensters in, hy maak die mure toe met sederhout en hy verf dit rooi.

15Jojakim, dink jy dat jy ’n koning is omdat jy hou van baie sederhout? Jou pa het
elke dag geëet en gedrink, en hy het ook elke dag reg gedoen aan mense, en dit het
goed gegaan met hom.

16Hy het reg gedoen aan arm mense, mense wat hulleself nie kon help nie. Toe het
dit goed gegaan. Dit wys dat hy geweet het wie Ek is.” Dit sê die Here.

17“Maar jy, Jojakim, jy wil alles hê wat jy sien, jy laat onskuldige mense sterf, jy vat
alles wat jy wil hê en jy verdruk die mense.”

18Die Here sê oor Jojakim seun van koning Josia van Juda: “Daarom sal Jojakim se
familie nie oor hom rou nie en die mense oor wie hy regeer, sal nie oor hom rou nie.

19Wanneer hulle hom begrawe, dan sal dit wees soos wanneer mense ’n donkie uit
die stad sleep en buite weggooi.”

Dit sal sleg gaan met koning Jojakim se ma

20Die Here sê vir koning Jojakim: “Jy moet opklim teen die Libanon-berg en jy moet
huil, jy moet hard skree in die land Basan, jy moet gaan staan op die Abarim-berge
en vra iemand moet jou help, want daar het niemand oorgebly nie, almal vir wie jy
lief was, is dood.

21 Ek het met jou gepraat toe dit goed gegaan het met jou, maar jy het gesê jy sal nie
luister nie. Jy was nie gehoorsaam aan My nie, vandat jy jonk was.

22Nou sal die wind jou vriende na al die kante toe waai, en die mense wat lief was vir
jou, sal gevangenes word. Ja, vyande sal jou verneder, jy sal nie weet wat om te
doen nie, want jy het slegte dinge gedoen.

23Jy woon nou in ’n paleis van sederhout wat uit die Libanon-berg kom, maar jy sal
baie seer kry en huil, jy sal skree soos ’n vrou wat ’n baba kry.”

Koning Jojakim en sy nageslag sal nie weer regeer nie

24Die Here sê: “So seker soos Ek lewe, koning Jojagin van Juda, seun van Jojakim, jy
was vir My belangrik, jy was soos ’n seëlring aan my regter-hand, maar Ek sal jou
afruk van my vinger.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Ek gee jou vir koning Nebukadnesar van Babel en vir die Galdeërs. Hulle is die
mense wat jou wil doodmaak, jy is bang vir hulle.

26Ek sal jou en jou ma weggooi in ’n ander land, ’n land wat nie julle eie land is nie.
Julle sal daar sterf.

27Julle sal verlang na julle land, maar julle sal nie terugkom hiernatoe nie.”

28Is Jojagin soos ’n kleipot wat niemand wil hê nie? Hoekom het die Here vir Jojagin
weggegooi in ’n land wat hy nie ken nie, vir Jojagin en sy nageslag?

29Julle almal in die land, julle moet luister na wat die Here sê.

30Die Here sê: “Julle moet skryf: Hierdie man is soos iemand wat nie kinders het nie.
Dit sal nie goed gaan met hom terwyl hy lewe nie, want nie een van sy seuns sal op
die troon van Dawid kan sit en oor Juda regeer nie.”

Jeremia 23

Die regte koning van die nageslag van Dawid

1Die Here sê: “Dit sal sleg gaan met die herders van die skape wat aan My behoort.
Hierdie herders het die skape laat wegraak en hulle het die skape na al die kante toe
gejaag.

2Daarom sê Ek oor die herders wat regeer oor my volk, Ek, die Here, die God van
Israel sê: Julle het my skape na al die kante toe gejaag, julle het hulle nie opgepas
nie. Ek sal julle nou straf oor die slegte dinge wat julle gedoen het.

3Ek het my skape na ander lande laat gaan, maar Ek sal self my skape wat nog lewe,
bymekaarmaak uit daardie lande. Ek sal hulle terugbring na hulle eie veld waar hulle
gewei het. Hulle sal vrugbaar wees en baie word.

4Ek sal herders kies en aanstel om oor hulle te regeer. Hulle sal nie weer bang word
en wegraak nie.” Dit sê die Here.

5Die Here sê: “Julle moet dit weet, Ek sal eendag iemand kies en aanstel wat die
regte koning sal wees van die nageslag van Dawid. Hy sal ’n wyse koning wees wat
reg sal regeer en reg sal doen aan almal in die land.

6In die tyd wanneer hierdie koning regeer, sal die mense van Juda weer vry word, en
die mense van Israel sal veilig woon. Die naam van die koning sal wees: Die Here
doen reg aan ons.”

7Die Here sê: “Daarom sê Ek: Die mense het altyd gesê: ‘So seker soos die Here lewe,
die Here wat die Israeliete uit Egipte gebring het.’ Maar later sal hulle dit nie meer sê
nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8Hulle sal sê: ‘So seker soos die Here lewe, die Here wat die nageslag van die volk Israel gebring het uit die land in die noorde.’ Hulle sal terugkom na hulle eie land, hulle sal kom uit al die lande waarnatoe Ek hulle laat gaan het.”

Profete wat lieg

9Nou praat ek, Jeremia, oor die profete. My hart voel stukkend, my hele liggaam bewe. As ek dink aan die Here, aan wat Hy sê, dan word ek dronk, so dronk soos ’n man wat te veel gedrink het.

10Want die hele land is vol mense wat afgode dien, ja, dit is hulle skuld dat die land droog geword het, en daarom is die veld waar die diere wei, nou ’n woestyn. Die profete doen slegte dinge, hulle dink hulle kan doen wat hulle wil omdat hulle sterk is.

11Die Here sê: “Ja, die profete en ook die priesters is ontwy, Ek het gesien hulle doen die slegte dinge ook in my tempel.

12Daarom sal Ek hulle laat loop op gladde klippe, en hulle sal gly. Ek sal hulle instamp in donker plekke, en hulle sal val. Ja, Ek sal dit sleg laat gaan met hulle, Ek sal hulle straf.

13Ek het gesien die profete van Samaria doen dinge waarvan Ek nie hou nie. Hulle was profete vir Baäl, hulle het my volk bedrieg.

14Maar Ek het gesien die profete van Jerusalem doen nog slegter dinge, hulle doen dinge wat Ek haat. Hulle pleeg egbreuk en hulle bedrieg mense en hulle help mense wat verkeerd doen. Daarom hou niemand op om verkeerd te doen nie. Jerusalem en sy mense het vir My geword soos Sodom en Gomorra.”

15Die Here wat oor alles regeer, sê oor die profete: “Omdat hulle dit doen, sal Ek hulle wilde-als laat eet en Ek sal hulle water laat drink wat giftig is. Ek sal dit doen omdat die profete van Jerusalem die hele land ontwy het.”

16Die Here wat oor alles regeer, sê: “Julle moenie doen wat die profete vir julle sê nie. Hulle laat julle glo in wind, in dinge wat niks beteken nie. Hulle sê Ek het vir hulle gewys wat sal gebeur, maar hulle vertel hulle eie stories, hulle het dit nie by My gehoor nie.

17Hulle hou aan om te sê: ‘Die Here sê dit sal goed gaan met julle.’ Hulle sê dit vir die mense wat dink dat Ek nie belangrik is nie. En hulle sê vir elkeen wat hardkoppig is en wat lewe soos hy self besluit: ‘Dit sal nie sleg gaan met jou nie.’ ”

18Maar wie was daar toe die Here dit besluit het? Wie van hulle het gesien en gehoor wat Hy sê? Wie het geluister na wat Hy sê en dit gedoen?

19 Julle moet dit weet: Die Here sal ’n stormwind stuur, daar sal ’n wind kom wat alles verwoes, en dit sal waai oor die mense wat verkeerd doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Die Here is kwaad, en Hy sal aanhou om kwaad te wees totdat Hy gedoen het wat
Hy besluit het. Julle sal dit later goed verstaan.

21Die Here sê: “Ek het nie daardie profete gestuur nie, Ek het nie met hulle gepraat
nie, maar hulle kom en hulle sê hulle bring boodskappe van My.

22As hulle daar was toe Ek dit besluit het, dan moet hulle vir my volk sê wat Ek gesê
het. Hulle moet my volk laat terugkom van die verkeerde pad, hulle moet my volk
laat ophou om slegte dinge te doen.

23Dink julle Ek is ’n God wat net dinge sien wat naby is en nie ook dinge wat ver is
nie?

24“Niemand kan wegkruip waar Ek hom nie sien nie. Julle moet dit weet: Ek is oral in
die hemel en op die aarde.” Dit het die Here gesê.

25“Daar is profete wat lieg en wat sê Ek het hulle gestuur. Ek het gehoor wat hulle sê.
Hulle sê hulle het gedroom en hulle vertel wat hulle gedroom het.

26Hoe lank sal daar nog profete wees wat lieg en wat self dinge uitdink, mense wat
die volk bedrieg en sê Ek het hulle gestuur?

27Hulle vertel vir mekaar wat hulle gedroom het, hulle wil my volk laat vergeet wie
Ek is. Hulle is soos hulle voorvaders wat vir Baäl gedien het en vergeet het wie Ek is.

28Wanneer ’n profeet gedroom het, dan moet hy sê wat hy gedroom het. Maar
wanneer hy gehoor het wat Ek gesê het, dan moet hy presies dieselfde sê. “ Kaf is nie
koring nie en koring is nie kaf nie. Net so is my boodskap en die dinge wat hulle sê,
nie dieselfde nie.”

29Die Here sê: “Die dinge wat Ek sê, is soos vuur. Dit is soos ’n hamer wat rotse
stukkend slaan.

30Daarom is Ek teen die profete wat sê wat ander profete sê, en wat dan sê dat Ek dit
gesê het.

31Ek is teen die profete wat self dinge uitdink, en dan sê hulle dit is Ek wat dit sê.

32Ek is teen die mense wat sê Ek het hulle gestuur, en dan vertel hulle drome wat nie
waar is nie. Hulle vertel drome en hulle bedrieg my volk. Hulle lieg, en dit maak nie
vir hulle saak wat gebeur nie. Ek het hulle nie gestuur nie, Ek het nie gesê wat hulle
moet sê nie. Hulle help nie hierdie volk wanneer hulle dit sê nie. Dit is seker.”

33Die Here sê: “Wanneer hierdie volk of ’n profeet of ’n priester vir jou vra: ‘Wat het
die Here gesê?’ dan moet jy vir hulle sê: ‘Hoekom vra julle wat die Here gesê het?
Die Here wil nie meer met julle praat nie.’

34Ek sal die profeet en die priester en die volk straf wat sê hy weet wat Ek gesê het.
Ek sal die persoon straf wat dit sê, Ek sal ook sy familie straf.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

35Julle mag vir mekaar vra: ‘Wat het die Here geantwoord? Wat het Hy gesê?’

36Maar julle moet nooit weer sê julle weet wat Ek gesê het nie, want net iemand wat sê wat Ek sê, mag so praat.” Maar julle verander die woorde van die God wat lewe, ons God die Here wat oor alles regeer.

37“Julle mag vir ’n profeet vra: ‘Wat het die Here geantwoord? Wat het die Here vir jou gesê?’

38Maar as julle aanhou om te sê julle weet wat Ek gesê het, dan sê Ek vir julle: Julle het gesê julle weet wat Ek gesê het. Maar Ek het vir julle ’n boodskap gestuur en vir julle gesê julle moenie sê julle weet wat Ek gesê het nie.

39Daarom sal Ek julle heeltemal vergeet. Ek wil nie meer met julle praat nie, Ek sal die stad los wat Ek vir julle en julle voorvaders gegee het.

40Ek sal julle vir altyd verneder, julle sal dit nooit vergeet nie.”

Jeremia 24

Die goeie vye en die slegte vye

1Die Here het vir my iets gewys. Daar was twee mandjies vye voor die tempel. Mense het die vye na die tempel gebring. Dit was nadat koning Nebukadnesar van Babel vir koning Jojagin van Juda saam met die amptenare en die ambagsmanne weggevat het uit Jerusalem na Babel. Koning Jojagin was die seun van Jojakim.

2Die een mandjie se vye was baie goed, so goed soos vroeë vye. Maar die ander mandjie se vye was baie sleg. Dit was so sleg dat ’n mens dit nie kon eet nie.

3Die Here het vir my gevra: “Jeremia, wat sien jy?” en ek het gesê: “Ek sien vye. Die goeie vye is baie goed en die slegte vye is baie sleg, so sleg dat ’n mens dit nie kan eet nie.”

4Toe hoor ek die Here sê vir my:

5“Dit sê die Here, die God van Israel: Die mense van Juda sal vir My wees soos hierdie goeie vye. Ek het hulle van hierdie plek weggestuur toe die vyande hulle gevang en weggevat het na Galdeër-land.

6Ek sal hulle oppas en hulle sal aan My behoort. Ek sal hulle terugbring na hierdie land. Ek sal hulle bou, Ek sal hulle nie afbreek nie. Ek sal hulle plant, Ek sal hulle nie uittrek nie.

7Ek sal hulle harte verander sodat hulle My kan ken, want Ek is die Here. Hulle sal my volk wees en Ek sal hulle God wees, want hulle sal na My toe terugkom met hulle hele hart.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Maar soos die slegte vye wat ’n mens nie kan eet nie, so sal koning Sedekia van Juda
vir My wees, hy en sy amptenare en die mense wat nog lewe hier in Jerusalem en in
hierdie land, hulle en die mense wat in Egipte woon.

9Dit sal sleg gaan met Sedekia en sy mense in al die lande waarnatoe Ek hulle sal
wegjaag. Die ander mense sal met hulle maak wat hulle wil, die mense sal hulle
name gebruik om ander mense sleg te sê en hulle te vervloek.

10Maar voordat Sedekia en sy mense hier weggaan, sal Ek oorlog en honger en
siektes stuur totdat daar nie meer mense is in die land wat Ek vir hulle en
hulle voorvaders gegee het nie.”

Jeremia 25

Die mense van Juda sal vir die koning van Babel moet werk, 70 jaar lank

1Jeremia het gehoor die Here praat met hom oor al die mense van Juda. Dit was in
die vierde jaar nadat Jojakim seun van Josia koning van Juda geword het. Dit was ook
die eerste jaar nadat Nebukadnesar koning van Babel geword het.

2Die Here het met Jeremia gepraat oor al die mense van Juda en oor almal wat in
Jerusalem gewoon het.

3Jeremia het gesê: “Ek het 23 jaar lank gehoor wat die Here vir my gesê het. Dit het
begin in die dertiende jaar nadat Josia seun van Amon koning van Juda geword het.
Ek het aangehou om met julle te praat, maar julle het nie geluister nie.

4En die Here het al sy dienaars, die profete, na julle toe gestuur. Hy het aangehou
om dit te doen, maar julle het nie geluister nie, julle was ongehoorsaam.

5Die Here het gesê: ‘Julle moet asseblief terugkom na My toe. Julle moet ophou om
sleg te lewe en verkeerde dinge te doen. Dan sal julle altyd woon in die land wat Ek
vir julle en julle voorvaders gegee het.

6Julle moenie ander gode dien en aanbid nie. Julle moenie vir My kwaad maak
met beelde wat julle self gemaak het nie. As julle gehoorsaam is, dan sal Ek julle nie
laat swaarkry nie.

7Maar julle het nie geluister nie. Julle het My kwaad gemaak met die beelde wat julle
self gemaak het, en daarom kry julle swaar.’

8“Die Here wat oor alles regeer, sê: ‘Omdat julle dit gedoen het, omdat julle nie
gehoorsaam was aan My nie,

9daarom stuur Ek nou ’n boodskap na al die volke in die noorde, en na my dienaar
Nebukadnesar, koning van Babel. Ek sal daardie mense bring teen hierdie land en
teen almal wat hier woon en ook teen die volke rondom hierdie land. Hulle sal julle

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

aanval en so sal Ek hierdie mense doodmaak. Ek sal julle land verwoes, mense sal skrik as hulle die land sien en hulle sal loop en fluit. Die stede sal hope klippe word wat altyd hier sal lê.

10Niemand sal hier feesvier nie en niemand sal trou nie, niemand sal in die oggend koring maal en niemand sal in die aand 'n lamp opsteek nie.

11Die hele land sal vol hope klippe lê en niemand sal hier woon nie. Die mense wat hier was, sal vir die koning van Babel moet werk, 70 jaar lank.

12Maar wanneer die 70 jaar verby is, dan sal Ek die koning van Babel en sy mense in Galdeër-land straf oor wat hulle gedoen het. Dan sal daar nie meer mense in daardie land woon nie.

13Ek sal met daardie land alles doen wat Ek gesê het, alles wat Jeremia oor al daardie volke gesê het en wat in hierdie boek geskryf is.

14Ook die Galdeërs sal vir baie volke en vir groot konings moet werk. Ek sal hulle straf oor wat hulle gedoen het.' "

Die beker met die giftige wyn

15Die Here, die God van Israel, het vir my gesê: "Ek gee vir jou hierdie beker met die giftige wyn. Ek stuur jou na verskillende volke toe, en jy moet hulle almal laat drink van die wyn.

16Hulle sal drink en hulle bene sal bewe. Hulle sal soos mal mense word, omdat Ek mense stuur om oorlog te maak teen hulle."

17Ek het die beker geneem wat die Here vir my gegee het. Ek het na al daardie volke toe gegaan en ek het die mense laat drink.

18Ek het eerste na Jerusalem en die stede van Juda gegaan, en ek het hulle konings en amptenare laat drink. Die stede het hope klippe geword, en daar het toe niemand gewoon nie. Mense het daar geloop en fluit. Die Here het die land vervloek, daarom lyk die land vandag so sleg.

19Toe het die farao, die koning van Egipte, gedrink, en sy amptenare en sy hele volk en al die mense wat naby Egipte woon en wat vir die farao moet werk.

20En daarna het ek al hierdie mense laat drink: die konings van die land Us, en al die konings van Filistyne-land en die mense van die stede Askelon, Gasa en Ekron, en die mense in Asdod wat nog lewe,

21en die mense van Edom en Moab, en die Ammoniete,

22en al die konings van Tirus en Sidon, en die konings van die land anderkant die see,

23en die stede Dedan en Tema en Bus, en almal wat die kante van hulle koppe kaal skeer,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[24]en al die konings van Arabië, en al die konings van die mense wat in die woestyn woon,

[25]en al die konings van Simri, en al die konings van Elam en al die konings van die Mediërs,

[26]en al die konings in die noorde, ver van mekaar of naby mekaar. Al die konings van die aarde wat op die aarde woon, moes uit die beker drink. En ná hulle moes die koning van Babel drink.

[27]Die Here het gesê ek moet vir hulle sê: “Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Julle moet drink en dronk word en opbring en val en nie weer opstaan nie, want Ek stuur mense om oorlog te maak teen julle.

[28]En as hulle nie van jou die beker wil neem en wil drink nie, dan moet jy vir hulle sê: Die Here wat oor alles regeer, sê: Julle sal móét drink.

[29]Ek begin eerste by die stad wat aan My behoort en Ek laat hulle swaarkry, maar julle moenie dink Ek sal nie vir júlle straf nie. Nee, Ek sal júlle ook straf, want Ek bring mense om oorlog te maak teen almal wat op die aarde woon.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

[30]Die Here sê ook: “En jy, Jeremia, jy moet hierdie boodskap vir hulle bring, jy moet al hierdie woorde vir hulle sê: “Die Here sal hard skree, soos ’n leeu wat brul, Hy sal praat uit die hemel, uit sy gewyde woonplek. Hy sal skree soos die mense wat druiwe trap en Hy sal praat met almal wat op die aarde woon.

[31]Al die mense op die aarde sal dit hoor, want die Here is die Regter oor die volke, Hy sal almal oordeel, almal wat lewe, En Hy sal die mense wat skuldig is, in oorlog laat sterf.” Dit sê die Here.

[32]Die Here wat oor alles regeer, sê: “Julle moet kyk, dit sal sleg gaan met al die volke, met die een volk ná die ander volk. Daar kom ’n groot stormwind van die verste plekke op die aarde.”

[33]Die Here sal daardie dag baie mense laat sterf. Hulle liggame sal oral in die hele wêreld lê. Niemand sal oor hulle rou nie, en niemand sal hulle bymekaarmaak en hulle begrawe nie. Hulle sal soos hope mis op die grond lê.

[34] Herders, julle moet huil en vra dat iemand julle moet help. Julle wat oor mense regeer, julle moet in die as rol, want die tyd het nou gekom, die vyande sal julle slag. Vyande sal julle na al die kante toe jaag, en julle sal stukkend breek soos ’n kleipot.

[35]Die herders sal nie ’n plek hê waarnatoe hulle kan vlug nie, die leiers sal nie kan weghardloop nie.

[36]Luister hoe skree die herders, hulle vra iemand moet hulle help. Luister hoe huil die leiers, want die Here verwoes hulle lande.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37Die Here is kwaad, Hy verwoes die lande waar hulle in vrede gewoon het.

38Die Here is soos ’n leeu wat uit sy lêplek kom. Die Here het kwaad geword en vyande gestuur om die lande te oorwin en die mense weg te vat.

Jeremia 26

Die priesters en profete wil hê Jeremia moet sterf, maar die amptenare sê nee

1Die Here het met Jeremia gepraat. Dit was kort nadat Jojakim seun van Josia koning geword het van Juda.

2Die Here het vir Jeremia gesê: “Jy moet op die oop stuk grond by die tempel gaan staan en jy moet praat oor al die mense wat uit die stede van Juda kom om in die tempel te bid. Jy moet vir hulle alles sê wat Ek vir jou sê, jy moenie party woorde los nie.

3Miskien sal die mense gehoorsaam wees en hulle lewe verander en nie meer slegte dinge doen nie. As hulle gehoorsaam is, dan sal Ek hulle nie straf oor die slegte dinge wat hulle gedoen het nie.

4“Jy moet vir hulle sê: Die Here sê: Julle moet gehoorsaam wees aan My en julle moet doen wat Ek vir julle gesê het.

5Julle moet luister na wat my dienaars, die profete, vir julle gesê het. Ek het aangehou om hulle na julle toe te stuur, maar julle het nie geluister nie.

6As julle nie luister nie, dan sal Ek dieselfde met hierdie tempel doen wat Ek met die tempel in Silo gedoen het. En al die volke op die aarde sal hierdie stad se naam noem wanneer hulle ander volke wil vervloek.”

7Die priesters en die profete en al die mense van Jerusalem het gehoor toe Jeremia hierdie dinge in die tempel gesê het.

8Toe hy alles klaar gesê het wat die Here vir hom gesê het om vir al die mense te sê, het die priesters en die profete en al die mense hom gegryp en gesê: “Jy moet sterf. Dit is seker.

9Hoekom sê jy die Here het jou gestuur om te sê hierdie tempel sal afgebreek word soos die tempel in Silo en hierdie stad sal ’n hoop klippe word waar niemand woon nie?” Al die mense het bymekaargekom in die tempel en hulle was téén Jeremia.

10Die amptenare van Juda het gehoor wat gebeur het, en hulle het uit die paleis na die tempel gekom. Hulle het gaan sit in die Nuwe Poort van die tempel.

11Die priesters en die profete het toe vir die amptenare en vir al die mense gesê: “Hierdie man moet sterf, want hy sê die Here het hom gestuur om slegte dinge teen hierdie stad te sê. Julle het dit self gehoor.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Jeremia het vir die amptenare en vir al die mense gesê: “Die Here hét my gestuur
om alles teen hierdie tempel en hierdie stad te sê wat julle gehoor het.

13En nou moet julle reg lewe en goeie dinge doen en gehoorsaam wees aan julle
God. As julle dit doen, dan sal die Here julle nie straf soos Hy gesê het nie.

14En ek, hier is ek, en julle mag nou besluit oor my, julle moet met my doen wat julle
dink is goed en reg.

15Maar julle moet dit baie goed besef, as julle my doodmaak, dan maak julle
’n onskuldige man dood. En dan sal die Here hierdie stad en sy mense straf, want Hy
het regtig vir my gestuur om vir julle al hierdie dinge te sê.”

16Die amptenare en al die mense het toe vir die priesters en die profete gesê: “Ons
mag nie hierdie man doodmaak nie, want ons God die Here het hom gestuur om met
ons te praat.”

17Daarna het party van die leiers opgestaan en vir al die mense in
die volksvergadering gesê:

18“In die tyd toe Hiskia koning van Juda was, het die profeet Miga van die stad
Moreset ’n boodskap van die Here gebring en hy het vir al die mense van Juda gesê:
‘ Die Here wat oor alles regeer, sê: Die vyande sal Jerusalem omploeg soos ’n mens ’n
stuk grond omploeg. Jerusalem sal net hope klippe wees, en die berg waar die
tempel nou staan, sal vol bosse wees.’

19“Koning Hiskia van Juda en al die mense van Juda het toe nie vir Miga doodgemaak
nie. Nee, die koning het die Here gedien en hy het tot die Here gebid om genadig te
wees. Toe het die Here sy besluit verander, Hy het hulle nie gestraf nie. En ons? Ons
is nou besig om dinge te doen waaroor ons baie swaar sal kry.”

Koning Jojakim maak die profeet Urija dood

20Maar daar was nog ’n man wat ’n boodskap van die Here gebring het. Dit was Urija
seun van Semaja van die stad Kirjat-Jearim. Hy het soos Jeremia dieselfde dinge gesê
teen hierdie stad en hierdie land.

21Toe koning Jojakim en al sy soldate en al sy amptenare hoor wat hy sê, wou die
koning hom doodmaak. Urija het dit gehoor en hy het bang geword en na Egipte
gevlug.

22Maar koning Jojakim het vir Elnatan seun van Akbor en ander manne saam met
hom na Egipte gestuur.

23Hulle het Urija uit Egipte gebring en hulle het hom na koning Jojakim geneem. Die
koning het toe vir Urija doodgemaak en hy het Urija se liggaam in die graf van die
gewone mense gegooi.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24Maar Agikam seun van Safan het vir Jeremia beskerm, en daarom kon die mense nie vir Jeremia doodmaak nie.

Jeremia 27

Die volke moet die koning van Babel dien

1Die Here het met my, Jeremia, gepraat. Dit was kort nadat Sedekia seun van Josia koning van Juda geword het.

2Die Here het vir my gesê: “Jy moet vir jou jukke maak en bande, en jy moet een juk op jou nek vasmaak.

3“Dan moet jy die ander jukke stuur na die konings van die land Moab, na die Ammoniete, en na die stede Tirus en Sidon. Jy moet dit stuur saam met die boodskappers wat na Jerusalem gekom het, na koning Sedekia van Juda toe.

4“Jy moet vir hulle sê hulle moet vir hulle konings sê: Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê:

5Dit is Ek wat die aarde gemaak het, en ook die mense en die diere wat op die aarde is. Ek het dit gedoen met my eie groot krag, en Ek gee dit vir wie Ek wil.

6En nou, Ek het al hierdie lande vir my dienaar gegee, vir Nebukadnesar koning van Babel, en Ek het ook die wilde diere vir hom gegee om vir hom te werk.

7“Al die volke sal vir Nebukadnesar moet werk, en ook vir sy seun en vir sy kleinseun. Hulle sal dit doen totdat die tyd kom wanneer die mense van sy eie land Babel vir baie ander volke en groot konings sal moet werk.

8Maar Ek sal die volk en die land straf wat nie vir Nebukadnesar koning van Babel wil dien en wat nie sy juk wil dra nie. Ek sal daardie volk straf met oorlog en honger en pes. “Ek sal aanhou totdat Nebukadnesar hulle almal doodgemaak het.

9En julle, julle moenie luister na julle profete en waarsêers nie, moenie luister na die mense wat sê hulle weet wat drome en tekens beteken en wat sê dat hulle kan toor nie. Hulle sê julle moenie die koning van Babel dien nie,

10maar hulle bring boodskappe wat vals is. As julle na hulle luister, dan sal Ek julle wegvat ver van julle grond af, Ek sal julle wegjaag na al die kante toe, en julle sal sterf.

11Maar Ek sal die volk wat die juk van die koning van Babel dra en hom dien, op hulle grond laat bly. Hulle sal in die grond werk en daar woon.”

12Ek, Jeremia, het toe eers al hierdie dinge vir Sedekia koning van Juda gaan sê. Ek het gesê: “Julle moet die juk van die koning van Babel dra en julle moet hom dien. Dan sal julle aanhou lewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Hoekom wil jy en jou mense sterf van oorlog en honger en pes? Die Here het gesê
dit sal gebeur met ’n volk wat nie die koning van Babel dien nie.

14Julle moenie luister na die profete wat vir julle sê julle moenie die koning van Babel
dien nie, want daardie profete bring vir julle boodskappe wat vals is.

15Die Here sê: Ek het hulle nie gestuur nie, maar hulle sê hulle bring boodskappe van
My. Dit is boodskappe wat vals is. As julle daarna luister, dan sal Ek julle wegjaag na
al die kante toe en Ek sal julle almal laat sterf, julle en die profete wat vir julle
boodskappe bring.”

16Daarna het ek, Jeremia, met die priesters en al hierdie mense gepraat en vir hulle
gesê: “Die Here sê: Julle moenie luister na julle profete wat vir julle boodskappe
bring en sê die tempel-gereedskap sal gou terugkom uit Babel nie, want daardie
profete bring boodskappe wat vals is.

17Julle moenie na hulle luister nie, julle moet die koning van Babel dien. Dan sal julle
aanhou lewe. Hoekom moet hierdie stad ’n hoop klippe word?

18“As daardie mense regtig profete is, as die Here regtig met hulle praat, dan moet
hulle aanhou bid tot die Here wat oor alles regeer. Hulle moet vra dat die vyande nie
die goed na Babel sal vat nie, die goed wat nog oor is in die tempel en in die paleis.

19“Want die Here wat oor alles regeer, praat ook oor die pilare en oor die groot
waterbak en die waentjies wat nog by die tempel is en oor alles wat nog oorgebly
het in die stad.

20Koning Nebukadnesar het nie hierdie goed gevat toe hy vir koning Jojagin seun van
Jojakim, koning van Juda, na Babel weggevat het saam met al die belangrike mense
van Juda en Jerusalem nie.

21Maar nou praat die Here wat oor alles regeer, die God van Israel. Hy praat oor die
goed wat nog oorgebly het in die tempel en in die paleis van die koning van Juda en
Jerusalem. Die Here sê:

22Die vyande sal dit wegvat na Babel, en dit sal daar bly totdat Ek besluit dat dit moet
terugkom na hierdie plek.”

Jeremia 28

Die houtjuk en die yster-juk

1Die profeet Gananja seun van Assur, van die stad Gibeon, het in dieselfde jaar met
my in die tempel gepraat. Dit was in die vierde jaar nadat Sedekia koning van Juda
geword het, in die vyfde maand. Die priesters en al die mense het dit gehoor.
Gananja het gesê:

2“Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Ek sal die juk van die koning
van Babel breek.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Voordat twee jaar verby is, sal Ek al die tempel-gereedskap terugbring wat koning Nebukadnesar weggevat het na Babel, Ek sal dit terugbring na hierdie plek.

4En Ek sal ook vir Jojagin seun van Jojakim, koning van Juda, en almal wat uit Juda na Babel moes gaan, terugbring na hierdie plek. Ja, Ek sal die juk van die koning van Babel breek. Dit het die Here gesê."

5Die profeet Jeremia het die profeet Gananja geantwoord. Die priesters en al die mense wat in die tempel gewerk het, het dit gehoor.

6Die profeet Jeremia het gesê: "Ek wens jy was reg. Ek wens die Here doen wat jy gesê het. Ek wens die boodskap wat jy gebring het, was waar, sodat die tempel-gereedskap kan terugkom na hierdie plek en ook die mense wat na Babel moes gaan.

7Maar luister eers wat ek vir jou en vir al die mense sê:

8Die profete wat lank voor my en jou gelewe het, het boodskappe gebring oor baie en belangrike lande. Hulle het gesê daar kom oorlog en die mense sal swaarkry en almal sal siek word en sterf van pes.

9Maar wanneer 'n profeet 'n boodskap bring en hy sê daar sal vrede kom, dan moes die vrede eers kom en daarna het die mense geweet die Here het die profeet regtig gestuur."

10Toe haal die profeet Gananja die juk van die profeet Jeremia se nek af en hy breek dit,

11en hy sê sodat al die mense hoor: "Die Here sê: So sal Ek ná twee jaar die juk van die koning van Babel afhaal van die nekke van al die volke en Ek sal dit breek."

12Die profeet Jeremia het toe geloop. Maar nadat die profeet Gananja die juk van die profeet Jeremia se nek afgehaal het en dit gebreek het, het die Here vir Jeremia gesê:

13"Gaan sê vir Gananja: Die Here sê jy het die houtjuk gebreek, maar jy moet nou 'n yster-juk maak,

14want die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Ek sit 'n yster-juk op die nek van al hierdie volke, hulle sal die slawe wees van die koning van Babel, en hulle sal vir hom werk. Ek gee ook al die wilde diere vir hom."

15Die profeet Jeremia het ook vir die profeet Gananja gesê: "Gananja, luister goed. Die Here het jou nie gestuur nie, maar jy het hierdie mense laat glo dat leuens hulle kan help.

16Die Here sê: Omdat jy dit gedoen het, sal Ek jou wegvee van die aarde. Jy sal sterf voordat hierdie jaar verby is. Hoekom? Want jy het vir die mense gesê hulle moet opstandig wees teen die Here."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Die profeet Gananja het in daardie jaar gesterf, in die sewende maand.

Jeremia 29

Die brief van Jeremia aan die Judeërs in Babel

1Die profeet Jeremia was in Jerusalem en hy het ’n brief geskryf vir die leiers van die Judeërs wat in Babel was en vir die priesters en al die mense vir wie Nebukadnesar weggevat het uit Jerusalem na Babel. Hy het die brief geskryf vir almal wat nog gelewe het.

2Dit het gebeur toe koning Jojagin en sy ma na Babel moes gaan, en saam met hulle almal wat in die paleis gewerk het en die amptenare van Juda en Jerusalem en die ambagsmanne en die ander mense wat goed met hulle hande kon werk.

3Koning Sedekia het vir Elasa seun van Safan en Gemarja seun van Gilkija gestuur na koning Nebukadnesar van Babel, en Jeremia het die brief saam met hulle gestuur.

4Jeremia het geskryf: “Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê vir almal wat Hy laat wegvat het na Babel:

5Julle moet huise bou en tuinmaak en die vrugte en groente eet.

6Julle moet trou en kinders kry, en julle moet julle kinders laat trou sodat hulle kinders kan kry. Julle moet meer word, nie minder nie.

7En julle moet help dat dit goed gaan met die stad waarnatoe Ek julle laat wegvat het. Julle moet ook bid vir die mense van daardie stad, want as dit met hulle goed gaan, dan sal dit met julle ook goed gaan.

8“Ja, die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Julle moenie luister na die profete en waarsêers wat daar by julle is nie, en julle moenie luister na die mense wat sê hulle weet wat julle drome beteken nie,

9want hulle bring vals boodskappe en hulle sê Ek het hulle gestuur. Maar Ek het hulle nie gestuur nie.

10Ja, die Here sê: Babel sal 70 jaar lank sterk wees. Daardie 70 jaar moet eers verbygaan. Daarna sal Ek weer goed wees vir julle en doen wat Ek belowe het. Ek sal julle dan laat terugkom na Jerusalem.

11Ek weet wat Ek met julle wil doen. Ek wil hê dit moet goed gaan met julle in die jare wat sal kom, nie sleg nie. Julle moet kan hoop dat dit goed sal gaan met julle.

12Julle sal vra dat Ek julle moet help, julle sal aanhou bid tot My, en Ek sal julle hoor.

13Julle sal My soek en julle sal My kry, want julle sal My soek met julle hele hart.

14Ek sal julle help om My te kry, en Ek sal dit weer goed laat gaan met julle. Ek sal julle bymekaarmaak uit al die volke en uit al die plekke waarnatoe Ek julle laat gaan

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

het, en Ek sal julle terugbring hier na die plek van waar Ek julle laat wegvat het. Dit sê die Here,

15en Hy sê dit omdat julle sê: 'Die Here het vir ons profete in Babel gegee.'

16"Die Here sê hierdie dinge oor die koning wat hier op die troon van Dawid sit en oor al die mense wat in hierdie stad woon, julle eie mense wat nie saam met julle na Babel moes gaan nie.

17Die Here wat oor alles regeer, sê: Ek sal oorlog na hulle toe stuur, en honger en pes, Ek sal hulle maak soos vrot vye wat te sleg is om te eet.

18Ek sal aanhou om hulle te laat sterf van oorlog en honger en pes. Die mense van al die lande op die aarde sal skrik wanneer hulle hierdie stad sien, hulle sal die stad se naam gebruik wanneer hulle ander mense wil vervloek. Hulle sal bang wees en fluit, hulle sal spot oor wat met die stad gebeur het.

19Dit sal gebeur omdat hulle nie geluister het na wat Ek gesê het nie. Ek het aangehou om my dienaars, die profete, na hulle toe te stuur, maar hulle het nie geluister nie. Dit sê die Here.

20"En julle in Babel, julle moet hoor wat sê die Here, julle almal wat Hy uit Jerusalem na Babel laat gaan het.

21Agab seun van Kolaja en Sedekia seun van Maäseja sê die Here het hulle gestuur, maar hulle het vals boodskappe gebring. Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Ek sal hulle vir koning Nebukadnesar van Babel gee, en hy sal hulle doodmaak, en julle sal dit sien.

22Wanneer die mense van Juda wat nou in Babel is, iemand wil vervloek, dan sal hulle sê: 'Ons bid dat die Here met jou sal doen wat Hy met Sedekia en Agab gedoen het. Nebukadnesar het hulle in die vuur gebraai.'

23Dit sal gebeur omdat Sedekia en Agab by die Israeliete iets gedoen het wat Ek haat. Hulle het by ander mans se vroue geslaap en hulle het gesê Ek het hulle gestuur, maar hulle het vals boodskappe gebring. Ek het nie vir hulle gesê om dit te doen nie. Ek weet wat hulle gedoen het, en Ek is 'n getuie teen hulle. Dit sê die Here."

Die brief van Semaja, en Jeremia se antwoord

24Die Here het vir Jeremia gesê: "Jy moet ook praat met Semaja van die stad Negelam. Jy moet vir hom sê:

25Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Jy het briewe gestuur na al die mense in Jerusalem en na die priester Sefanja seun van Maäseja en na al die ander priesters. Niemand het gesê jy moet dit doen nie. Jy het vir Sefanja geskryf en gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26‘Die Here het jou gekies om priester te wees in die plek van die priester Jojada. Jy moet kyk dat alles in die tempel goed gaan. Jy moet elke mal mens wat sê hy is ’n profeet, in die blok sit en jy moet hom vasmaak met ’n ysterband om sy nek.

27Jeremia kom van Anatot en hy is daar by julle ’n profeet. Hoekom het jy nie vir hom ook gestraf nie?

28Want hy het vir ons in Babel ’n brief geskryf en gesê ons sal lank hier bly en ons moet huise bou en in die huise woon, en ons moet tuinmaak en die vrugte en groente eet.’ ”

29Die priester Sefanja het die brief vir die profeet Jeremia gelees,

30en die Here het vir Jeremia gesê:

31“Jy moet vir al die mense in Babel skryf en sê: Die Here sê: Semaja wat van Negelam kom, het gesê hy is ’n profeet, maar Ek het hom nie gestuur nie. Hy het julle laat glo dat leuens julle kan help.

32Daarom sal Ek vir Semaja en sy nageslag straf. Nie een van sy kinders sal by hierdie volk bly woon nie. Ek sal dit weer goed laat gaan met my volk, maar hy sal dit nie sien nie.” Dit het gebeur omdat Semaja die mense opstandig wou maak teen die Here.

Jeremia 30

Ek sal julle red daar ver waar julle is

1Jeremia het gehoor die Here praat met hom.

2Die Here, die God van Israel, het gesê: “Jy moet alles wat Ek vir jou sê, in ’n boek skryf.

3Want die tyd sal kom wanneer Ek dit beter sal laat gaan met my volk Israel en met Juda. Dan sal Ek hulle terugbring na die land wat Ek vir hulle voorvaders gegee het en waar hulle gaan woon het.

4“Hier is nou die woorde wat die Here vir Israel en Juda sê.

5Ja, dit het die Here gesê. “Die mense van Israel en Juda sê: ‘Ons het iets gehoor wat ons groot laat skrik het, ons is bang, daar is nie vrede nie.’

6“Julle kan vir almal vra en rondkyk. Kan ’n man ’n baba kry? Nee, hy kan nie. “Maar hoekom sien Ek dat elke man met sy hande op sy maag staan soos ’n vrou wat ’n baba kry? Hoekom is sy gesig bleek?

7“Dit gaan baie sleg met die mense van Israel. Daar was nog nooit so ’n dag nie, hulle kry swaar, maar Ek sal hulle red.”

8Die Here wat oor alles regeer, sê: “Daardie dag sal Ek die juk van hulle nekke afhaal en Ek sal die bande breek. Hulle sal nie meer vir ander mense moet werk nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Hulle sal hulle God die Here dien en hulle sal ook hulle koning Dawid dien wat Ek sal
kies en aanstel om oor hulle te regeer."

10Die Here sê: "En julle, my dienaars, nageslag van Jakob, julle moenie bang wees
nie. Mense van Israel, julle moenie skrik nie, want Ek sal julle red daar ver waar julle
is. Ek sal julle nageslag red uit die land waar hulle gevangenes is. Die nageslag van
Jakob sal terugkom en veilig wees en niks sal hulle pla nie, niemand sal hulle
skrikmaak nie."

11Die Here sê: " Ja, Ek is by julle om julle te red. Ek sal al die volke laat verdwyn, al die
volke na wie toe Ek julle gejaag het, maar vir julle sal Ek nie laat verdwyn nie. Ek sal
julle straf, Ek moet dit doen, Ek kan nie sê julle is onskuldig nie."

12Ja, die Here sê: "Julle seerplekke word nie gesond nie, julle sal miskien daarvan
sterf.

13Almal sê julle is skuldig, niemand help julle nie, julle seerplekke word nie gesond
nie.

14Almal wat lief was vir julle, het vir julle vergeet, hulle soek julle nie. Want Ek het
julle geslaan soos 'n vyand, Ek het julle wreed gestraf omdat julle so baie verkeerde
dinge gedoen het, omdat julle sondes so baie is.

15Hoekom skree julle en vra iemand moet julle help? Hoekom word julle nie gesond
nie? Ek het hierdie dinge aan julle gedoen omdat julle so baie verkeerde dinge
gedoen het, omdat julle sondes so baie is.

16Daar was mense wat vir julle opgeëet het, maar ander mense sal húlle nou op-eet.
Ander mense sal al julle vyande vang en wegvat uit hulle land. Ander mense sal die
goed vat van almal wat julle goed gevat het. Ek sal almal wegvat wat vir julle
weggevat het."

17Die Here sê: "Ja, Ek sal nuwe vel laat groei oor julle seerplekke en Ek sal julle
gesond maak waar julle seergekry het."

Hulle sal die stad weer bou

Die Here sê: "Ja, mense van Sion, die mense het gesê die ander mense het julle
alleen gelos, niemand soek julle nie.

18Maar Ek sal dit weer goed laat gaan met die tente van Jakob, Ek sal weer jammer
wees vir hulle woonplekke. Hulle sal die stad weer bou op die heuwel wat nou net
klippe is, en die paleis sal weer staan waar hy moet staan.

19Hulle sal sing en lag, almal sal dit hoor. Ek sal hulle baie laat word, hulle sal nie min
mense wees nie. Ek sal sê dat mense hulle moet respekteer, hulle sal nie onbelangrik
wees nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Die mense van Jerusalem sal wees soos hulle voorheen was, hulle almal saam sal
My dien, en Ek sal almal straf wat vir hulle verdruk.

21Een van hulle sal hulle leier word en hy sal oor hulle regeer. Wanneer Ek hom laat
nader kom na My toe, dan sal hy na My toe kom en My dien. Want niemand mag self
nader kom na My toe nie, Ek moet vir hom sê om te kom." Dit sê die Here.

22"Ja, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees.

23 Julle moet dit weet: Die Here sal 'n stormwind stuur, daar sal 'n wind kom wat
almal sal saamsleep, en dit sal waai oor die mense wat verkeerd doen.

24Die Here is kwaad, en Hy sal aanhou om kwaad te wees totdat Hy gedoen het wat
Hy besluit het. Julle sal dit later goed verstaan."

Jeremia 31

Die mense van Israel sal terugkom

1Die Here sê: "Daardie dag sal Ek die God wees van al die Israeliete, en hulle sal my
volk wees."

2Die Here sê: "'n Volk wat nie in 'n oorlog gesterf het nie, het genade ontvang in die
woestyn. Israel sal kom en hulle sal veilig woon."

3Die Here het gekom na sy volk wat ver van Hom is. Die Here het gesê: "Ek was lief
vir julle en Ek sal aanhou om lief te wees vir julle. Julle behoort aan My, daarom hou
Ek julle vas.

4Mense van Israel, julle sal weer kinders kry, Ek sal vir julle kinders gee. Julle sal
weer tamboeryne dra en uitgaan om te dans saam met die ander mense wat bly is.

5Julle sal weer wingerde plant op die berge van Samaria. Die boere sal dit plant en
hulle sal eerste van die druiwe eet.

6Ja, die dag het gekom, die wagte op die berge van Samaria sal skree en sê: 'Kom
ons gaan na Sion, na ons God die Here toe.' "

7Ja, die Here sê: "Julle moet bly wees en sing, julle moet juig oor Jakob, die hoof van
die volke. Julle moet hard sing en die Here prys sodat die mense dit kan hoor. Julle
moet sê: 'Here, red asseblief u volk, red die mense van Israel wat nog lewe.'

8Ek sal my volk nou bring uit die land in die noorde, Ek sal hulle bymekaarmaak uit
die ver plekke op die aarde. Daar sal blinde en kreupel mense tussen hulle wees, en
ook vroue wat babas verwag en vroue wat besig is om babas te kry.

9Hulle sal huil en kom bid dat Ek hulle moet help, en Ek sal hulle lei, Ek sal hulle op 'n
gelyk pad bring, by waterstrome. Hulle sal nie op die pad struikel en val nie. Ek het 'n
Vader geword vir Israel, Efraim is my oudste seun."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Volke, julle moet hoor wat die Here sê, julle moet dit vertel in die lande ver langs die see, julle moet sê: “Hy wat die Israeliete gejaag het na al die kante toe, Hy sal hulle bymekaarmaak en Hy sal hulle oppas soos ’n herder die skape oppas wat aan hom behoort,

11want die Here het die nageslag van Jakob losgekoop en Hy het hulle vrygemaak van iemand wat sterker was as hulle.

12Die Israeliete sal kom en sing op die hoë Sionsberg. Hulle sal bly wees oor die goeie dinge wat die Here gee, oor die koring en die wyn en die olyf-olie, en oor die lammers en die kalwers. Hulle sal self wees soos tuine met baie water, hulle sal nie meer dors word nie.

13Dan sal die jong vroue weer bly wees en dans, en die jongmans en die ou mans sal saam met hulle dans. Ek sal hulle rou verander, en hulle sal vrolik wees, Ek sal hulle lewe verander, hulle was hartseer, maar Ek sal hulle bly maak.

14Ek sal die priesters wat nou honger is, lekker laat eet. Ek sal my volk genoeg laat eet van die goeie dinge wat Ek sal gee.” Dit het die Here gesê.

15Die Here sê: “Die mense hoor iets in die stad Rama, hulle hoor dat iemand kla en baie hartseer huil. Dit is Ragel wat huil oor haar kinders, sy wil nie hê die mense moet haar troos nie, sy huil oor haar kinders, want hulle is weg.”

16Die Here sê: “Jy moenie aanhou huil nie, want Ek sal vir jou iets gee omdat jy dit alles gedoen het.” Dit sê die Here. “Jou kinders sal terugkom uit die vyand se land.

17En jy sal weet dat dit later goed sal gaan met jou, jou kinders sal terugkom na hulle land.” Dit sê die Here.

18Ek, Jeremia, het iets gehoor, dit is seker: dit is Efraim wat soebat en sê: “U het my geslaan, ek het slae gekry soos ’n kalf wanneer iemand hom mak wil maak. Bring my terug na U toe, en laat my terugkom, want U is my God die Here.

19Ek vra dit, want nadat ek weggegaan het van U, was ek jammer daaroor. Ek weet nou beter en ek slaan myself op my heupe, want ek is skaam, ek voel sleg, ek is skaam oor alles wat ek gedoen het toe ek jonk was.”

20“Die mense sal sê Efraim is my kind, Ek is die liefste vir hom, Ek hou die meeste van hom, want elke maal wanneer Ek teen hom praat, dan dink Ek nog aan hom en dan word Ek baie hartseer en ontsteld. Daarom sal Ek jammer wees vir hom en Ek sal hom help, Ek sál dit doen.” Dit het die Here gesê.

21Julle moet klippe opmekaar pak, julle moet padtekens maak, julle moet goed kyk waar julle moet loop op die pad waarop julle weggegaan het. Israeliete, julle moet terugkom na hierdie stede van julle.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Hoe lank wil julle nog wag en twyfel? Julle is mense wat aanhou weggaan. Want die Here het iets nuut laat gebeur op die aarde: Soos ’n vrou wat na haar man toe draai wanneer hulle dans, so sal die Israeliete die Here soek en terugkom na Hom toe.

Die Here sal dit weer goed laat gaan met die mense van Juda

23Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: “Wanneer Ek dit weer goed laat gaan met die mense van Juda, dan sal hulle in die land Juda en in sy stede weer sê: ‘ Gewyde berg, die Here sal jou seën, jy is die berg waar die mense woon wat reg doen.’

24Al die mense van Juda en sy stede sal saam in Jerusalem woon, die mense wat in die grond werk en ook die wagters wat met hulle skape en bokke na ander plekke trek.

25Ja, Ek gee nuwe krag vir elkeen wat moeg is, Ek laat elkeen wat honger is, meer as genoeg kos kry.

26“Dit is hoekom Ek wakker geword het en gesien het dat die tyd gekom het om mense te red.”

27Die Here sê: “Die tyd sal kom wanneer Ek die mense van Israel en die mense van Juda baie sal laat word. Hulle en hulle diere sal baie word.

28Voorheen wou Ek hulle uitruk en afbreek, omgooi en verwoes en Ek wou dit sleg laat gaan met hulle. Maar nou wil Ek hulle bou en plant.

29Voorheen het die mense gesê: ‘Die pa’s het suur druiwe geëet en daarom het die kinders se tande stomp geword.’ Hulle sal nie meer so sê nie.

30Elke mens sal sterf oor die sondes wat hy self gedoen het, elkeen wat suur druiwe eet, se eie tande sal stomp word.”

Die nuwe verbond

31Die Here sê: “Daar sal ’n tyd kom wanneer Ek ’n nuwe verbond sal maak met die mense van Israel en die mense van Juda.

32Hierdie verbond sal nie wees soos die verbond wat Ek gemaak het met hulle voorvaders nie. Ek het hulle hande gevat om hulle uit die land Egipte te bring. Hulle het my verbond gebreek, maar hulle behoort nog aan My.”

33Die Here sê: “Die verbond wat Ek later met die Israeliete sal maak, sal só wees: Ek sal my wette op hulle harte skryf sodat dit binne-in hulle sal wees. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.

34Hulle sal nie meer vir mekaar leer of sê: ‘Jy moet die Here ken’ nie. Hulle almal sal My ken, onbelangrike en belangrike mense, want Ek sal hulle sondes vergewe, die dinge wat hulle verkeerd gedoen het, Ek sal nie meer dink aan hulle sondes nie.”

© Bible Society of South Africa.

35Die Here gee die son om in die dag lig te gee, en in die nag gee Hy die sterre en die maan om lig te gee. Hy roer die see sodat die branders wild word. Sy Naam is die Here wat oor alles regeer.

36Die Here sê: “Hierdie dinge sal altyd weer gebeur, dit sal nooit verdwyn nie. So sal die nageslag van Israel ook nooit ophou om vir altyd ’n volk te wees nie.”

37Die Here sê: “Niemand kan die hemel daarbo meet nie, en niemand kan kyk of die fondamente van die wêreld reg is nie. So sal Ek ook nooit die hele nageslag van Israel los oor alles wat hulle gedoen het nie.”

38Die Here sê: “Die tyd sal nou kom wanneer hulle die stad van die Here weer sal bou, van die Gananel-toring tot by die Hoek-poort,

39en van die Hoek-poort sal hulle reguit meet tot op die Gareb-heuwel, en dan sal hulle draai na Goa.

40Die hele vallei waar hulle mense begrawe het en waar hulle die altaar-as weggegooi het en die hele stuk grond tot teen die Kedron-vallei sal gewy wees aan die Here, en ook die stuk grond tot by die Perde-poort, oos van die poort. Niemand sal weer die stad verwoes en sy mure afbreek nie.”

Jeremia 32

Mense sal weer stukke grond koop om te plant en te saai in die land Israel

1Die Here het met Jeremia gepraat. Dit was in die tiende jaar nadat Sedekia koning van Juda geword het, en die agtiende jaar nadat Nebukadnesar koning van Babel geword het.

2In daardie tyd het die koning van Babel Jerusalem aangeval van al die kante, en die profeet Jeremia was in die tronk in die binneplaas van die wagte van die koning van Juda.

3Koning Sedekia van Juda het vir Jeremia daar in die tronk gesit omdat Jeremia ’n boodskap van die Here gebring het en gesê het: “Die Here sê: Ek sal die koning van Babel help om die oorlog teen hierdie stad te wen.

4En koning Sedekia van Juda sal nie kan wegvlug van die Galdeërs nie. Ek sal hom vir die koning van Babel gee, dit is seker. Die koning sal self met Sedekia praat. Hy sal vir Sedekia sien

5en hy sal hom wegvat na Babel. Sedekia sal daar bly totdat Ek weer oor hom sal besluit. Julle sal oorlog maak teen die Galdeërs, maar julle sal nie wen nie.”

6Jeremia het gesê: “Ek het gehoor die Here sê vir my:

7Jou neef Ganamel seun van Sallum sal na jou toe kom en hy sal vra jy moet sy stuk grond in Anatot koop, want jy is sy naaste familielid en jy moet die grond koop.

© Bible Society of South Africa.

8“Alles wat die Here vir my gesê het, het toe gebeur. My neef Ganamel het na my
toe gekom in die binneplaas van die paleiswagte en hy het vir my gesê: ‘Jy moet
asseblief my grond in Anatot koop in die land Benjamin, want jy is my naaste familie
en jy mag die grond vir jou koop. Jy moet dit vir jou koop.’ “Ek het toe geweet dit
was die Here wat met my gepraat het,

9en ek het die grond van my neef Ganamel in Anatot gekoop. Ek het vir hom
17 sikkels silwer daarvoor betaal.

10Ek het die koopkontrak geskryf. Ek het toe met my seël ’n merk daarop gesit en ek
het die getuies se name daarby geskryf. Daarna het ek die silwer op ’n weegskaal
geweeg.

11Ons het alles wat ons besluit het, op die koopkontrak geskryf en my seël-merk was
ook daarop. Ek het vir my en vir Ganamel elkeen dieselfde koopkontrak geskryf en
toe het ek die twee koopkontrakte

12vir Baruk seun van Nerija seun van Magseja gegee. My neef Ganamel en al die
Judeërs wat daar in die binneplaas gesit het, kon dit sien.

13Hulle het gehoor dat ek vir Baruk gesê het:

14‘Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Jy moet hierdie twee
koopkontrakte neem en jy moet dit altwee in ’n kleipot sit sodat dit lank kan hou,

15want die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Mense sal weer huise en
lande en wingerde koop in hierdie land.’

16“Nadat ek die koopkontrak vir Baruk seun van Nerija gegee het, het ek tot die Here
gebid. Ek het gesê:

17‘Ag, Here, my Here, U het die hemel en die aarde gemaak met u eie groot krag.
Daar is niks wat U nie kan doen nie.

18U is goed vir duisende mense maar U straf mense oor die sondes wat
hulle voorvaders gedoen het. U is die Groot God, die God wat oorlog kan maak, u
Naam is Here wat oor alles regeer.

19U besluit oor belangrike dinge en U doen groot dinge. U sien alles wat mense doen,
U kyk hoe hulle gelewe het en wat hulle gedoen het, en U gee vir elkeen wat hy moet
kry.

20U het tekens en wonderwerke gedoen in die land Egipte. Die Israeliete en die
ander mense weet dit vandag nog, en almal eer U.

21U het tekens en wonderwerke gedoen en U het u volk Israel uit die land Egipte
gebring met u eie groot krag, en die Egiptenaars het bang geword vir U.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22U het hierdie land vir u volk gegee, die land wat U belowe het om vir hulle voorvaders te gee. Dit is ’n land waar daar baie melk en heuning is.

23U volk het gekom en hulle het in hierdie land kom woon, maar hulle was ongehoorsaam aan U en aan u wette, hulle het nie gedoen wat U wil hê nie, en daarom het U hulle gestraf.

24Die Galdeërs maak oorlog teen ons. Kyk, hulle het klaar grond teen die muur gegooi sodat hulle oor die muur kan klim. In die stad is daar hongersnood, en die mense sterf van pes. Alles wat U gesê het, gebeur nou. U sien dit self.

25Here, my Here, U het vir my gesê ek moet die grond koop en getuies moet dit sien, maar U gee nou die stad vir die Galdeërs.’ ”

26Die Here het toe vir Jeremia gesê:

27“Luister, Ek is die Here, die God van al die mense. Ek kan alles doen, niks is onmoontlik vir My nie.

28Daarom sal Ek vir die Galdeërs en die koning van Babel help om die oorlog teen hierdie stad te wen.

29Die Galdeërs wat nou oorlog maak teen hierdie stad, sal inkom en hulle sal die stad aan die brand steek. Hulle sal die huise verbrand waar die mense van Jerusalem op die dakke wierook-offers gebring het vir Baäl, en waar hulle drank-offers uitgegooi het vir ander gode om My te terg.

30Ja, die Israeliete en die Judeërs het vandat hulle jonk was net dinge gedoen waarvan Ek nie hou nie. Hulle het afgodsbeelde gemaak en hulle het My geterg.

31Hulle het My kwaad gemaak vandat hulle hierdie stad gebou het tot vandag toe, en Ek wil die stad nou laat verdwyn, Ek wil dit nie sien nie.

32Ek wil dit doen oor al die slegte dinge wat die Israeliete en die Judeërs gedoen het om My te terg, hulle en hulle konings, hulle amptenare, hulle priesters en hulle profete, die mense van Juda en die mense wat in Jerusalem woon.

33Hulle het hulle rug na My toe gedraai, nie hulle gesig nie. Ek het aangehou om vir hulle te leer, maar hulle het nie geluister nie en hulle het nie gelewe soos Ek wil hê nie.

34Hulle het hulle afgode in die tempel gesit, die tempel wat my Naam het, hulle het die plek ontwy.

35Hulle het in die Ben-Hinnom-vallei offer-plekke gebou vir Baäl om hulle seuns en dogters daar te verbrand. Ek het nie gesê hulle moet so ’n offer bring nie, Ek het nooit aan so iets gedink nie. Ek haat dit dat die mense van Juda daardie sonde doen.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

36Maar die Here, die God van Israel, sê nou: “Julle sê Ek sal hierdie stad vir die koning van Babel gee, Ek sal oorlog en honger en pes in die stad laat kom.

37Luister, Ek was kwaad en baie ontevrede en Ek het die mense van die stad gejaag na al die kante toe. Maar Ek sal hulle bymekaarmaak uit al die lande en Ek sal hulle terugbring en hulle veilig laat woon.

38Hulle sal my volk wees en Ek sal hulle God wees.

39Ek sal hulle almal saam laat besluit om My altyd te dien en om te lewe soos Ek wil hê, sodat dit goed sal gaan met hulle en hulle kinders.

40Ek sal ’n verbond met hulle maak vir altyd. Ek sal nie weggaan van hulle nie, Ek sal goed wees vir hulle. En Ek sal hulle harte verander sodat hulle My sal wil dien, en sodat hulle nie sal weggaan van My nie.

41Ek sal dit geniet om goed te wees vir hulle. Ek sal hulle regtig in hierdie land plant, Ek sal dit doen met my hele hart.”

42Ja, die Here sê: “Ek het hierdie volk laat swaarkry, net so sal Ek dit met hulle goed laat gaan soos Ek belowe het.

43Julle sê hierdie land is leeg, daar is nie mense nie, en die Galdeërs het die diere weggevat, maar Ek sê: Mense sal weer hier grond koop.

44Hulle sal geld betaal en grond koop en koopkontrakte skryf en ’n seël-merk daarop druk en getuies se name daarop skryf. Hulle sal dit doen in die land Benjamin en rondom Jerusalem en in die stede van Juda en in die stede van die Laeveld en in die stede van die Suid-land, want Ek sal dit weer goed laat gaan met hulle.” Dit sê die Here.

Jeremia 33

Ek sal dit weer goed laat gaan met Juda en Israel

1Die Here het weer met Jeremia gepraat. Jeremia was nog in die tronk in die binneplaas van die wagte.

2Die Here het gesê: “Dit is die Here wat praat. Ek het die aarde gemaak, Ek het dit gebou sodat dit vas moet staan, my Naam is die Here.

3Jeremia, jy moet tot My bid, dan sal Ek jou antwoord. Ek sal vir jou groot geheime vertel wat jy nie geweet het nie.

4“Ek, die Here, die God van Israel, praat oor die huise van hierdie stad en oor die paleise van die konings van Juda. Hulle het party huise afgebreek om die muur van die stad sterk te maak vir die oorlog.

© Bible Society of South Africa.

5Die Galdeërs kom om die huise vol te maak met die lyke van mense wat Ek laat sterf
het. Ek was baie kwaad, Ek wou nie meer die mense van hierdie stad sien nie, want
hulle het slegte dinge gedoen.

6Maar nou sal Ek die stad weer bou. Ek sal sy mense gesond maak en Ek sal hulle
veilig laat woon.

7Ek sal dit weer goed laat gaan met Juda en met Israel. Ek sal hulle bou, en hulle sal
wees soos hulle voorheen was.

8Ek sal hulle reinig en die sondes vergewe wat hulle gedoen het toe hulle verkeerd
gedoen het en opstandig was teen My.

9Al die volke op die aarde sal hoor van die goeie dinge wat Ek vir Jerusalem gedoen
het, en hulle sal weet dat Ek trots is op die mooi stad wat my Naam het. Die volke sal
skrik en verbaas wees omdat Ek al die goeie dinge doen vir die stad en omdat die
mense veilig woon in die stad."

10Die Here sê: "Julle sê Jerusalem is net 'n hoop klippe, daar is nie mense of diere in
die stede van Juda en op die strate van Jerusalem nie, alles is verwoes, daar woon
niemand nie en daar is nie diere nie. Maar Ek sê julle sal weer hoor

11dat die mense vrolik en bly is, en dat hulle weer sal trou en bruilof hou. Hulle sal
sing en sê: " 'Prys die Here wat oor alles regeer, want die Here is goed, en Hy doen
altyd wat Hy belowe het.' "Julle sal hoor die mense bring weer dank-offers in
die tempel. Hulle sal dit doen, want Ek sal dit weer goed laat gaan in die land, soos
voorheen." Dit sê die Here.

12Die Here wat oor alles regeer, sê: "Hierdie plek is nou net hope klippe, en hier is
nie een mens of dier nie. Maar hier sal weer weiveld wees waar die wagters hulle
skape en bokke oppas.

13Dit sal gebeur in die stede van die Bergland, in die stede van die Laeveld, in die
stede van die Suid-land, in die land Benjamin, rondom Jerusalem, en in die stede van
Juda. Die mense sal weer hulle skape tel." Dit sê die Here.

14Die Here sê: "Kyk, die tyd sal kom wanneer Ek sal doen wat Ek belowe het toe Ek
gesê het daar sal 'n goeie ding gebeur met die volk Israel en die volk Juda.

15Daardie tyd sal Ek 'n regte afstammeling van Dawid koning laat word, en hy sal reg
doen aan die mense in die land.

16Daardie tyd sal Ek Jerusalem red, en sy mense sal veilig woon. Die naam van die
stad sal wees: 'Die Here doen reg aan ons.' "

17Ja, die Here sê: "Daar sal altyd iemand van die nageslag van Dawid wees wat op
die troon van die volk Israel sit.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18En daar sal altyd ’n priester of ’n Leviet wees wat vir My brand-offers en koring-offers of ander offers bring.”

19Jeremia het gehoor die Here sê vir hom:

20“Die Here sê: Ek het ’n ooreenkoms met die dag en die nag gemaak, sodat die dag en die nag sal kom wanneer hulle moet kom. Julle kan nooit daardie ooreenkoms breek nie.

21“Net so sal Ek nooit my verbond met Dawid breek nie, iemand van sy nageslag sal altyd koning wees. Ek sal ook nooit my verbond breek met die priesters en die Leviete wat vir My werk nie,

22want Ek sal die nageslag van Dawid en die Leviete wat vir My werk, baie laat word, so baie soos die sterre in die lug, niemand kan hulle tel nie. Hulle sal so baie wees soos die sand by die see, niemand kan dit meet nie.”

23Jeremia het gehoor die Here sê vir hom:

24“Het jy gehoor wat sê hierdie volk? Hulle sê Ek het die twee groepe stamme wat Ek gekies het, gelos. Hulle dink my volk beteken niks. Hulle dink die Israeliete kan nie meer ’n volk wees nie.

25Maar Ek sê: Ek sal nooit my verbond met die dag en die nag breek nie, en Ek sal ook nie alles wat in die hemel en op die aarde gebeur, laat ophou nie.

26Net so sal Ek nooit die nageslag van Jakob los nie. Ek sal aanhou om mense te kies van my dienaar Dawid se nageslag, hulle sal regeer oor die nageslag van Abraham, Isak en Jakob. Ek sal dit weer goed laat gaan met hulle, Ek sal jammer wees vir hulle en Ek sal hulle help.”

Jeremia 34

Ek gee hierdie stad vir die koning van Babel

1Koning Nebukadnesar en al sy soldate en al die volke oor wie hy regeer het, het oorlog gemaak teen Jerusalem en al die stede naby die stad. Jeremia het gehoor die Here sê vir hom:

2“Die Here, die God van Israel, sê: Jy moet vir koning Sedekia van Juda gaan sê dat Ek sê: Ek gee hierdie stad vir die koning van Babel, en hy sal dit verbrand.

3En jy sal nie kan wegvlug van hom nie. Sy soldate sal jou vang, dit is seker, en hulle sal jou vir hom gee. Jy en die koning van Babel sal mekaar sien en met mekaar praat, en jy sal na Babel gaan.”

4Maar hoor wat sê die Here nog vir jou, koning Sedekia van Juda: “Jy sal nie in die oorlog sterf nie,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5jy sal sterf wanneer daar vrede in jou land is. Jou mense sal vir jou ook vure aansteek om oor jou te rou, soos hulle ook gedoen het vir die konings van Juda wat voorheen regeer het. Dit belowe Ek, sê die Here."

6Die profeet Jeremia het dit alles vir koning Sedekia van Juda in Jerusalem gesê.

7Dit was toe die soldate van die koning van Babel oorlog gemaak het teen Jerusalem en teen al die stede van Juda wat oorgebly het, ook teen die stede Lakis en Aseka, die enigste stede met sterk mure wat nog oorgebly het.

8Jeremia het gehoor die Here praat met hom. Dit was in die tyd nadat Sedekia 'n ooreenkoms gemaak het met die mense in Jerusalem. Hulle het belowe dat hulle die slawe van hulle eie volk vry sal laat weggaan.

9Elkeen moes sy Hebreeuse slaaf of slavin vry laat weggaan, sodat nie een Judeër 'n slaaf van sy eie volk het nie.

10Al die amptenare en al die mense wat die ooreenkoms met die koning gemaak het om hulle slawe vry te laat weggaan, het dit gedoen.

11Maar toe het hulle weer verander en hulle het die slawe en slavinne wat hulle vry laat weggaan het, weer laat terugkom. Hulle het hulle weer slawe en slavinne gemaak.

12Jeremia het gehoor die Here sê vir hom:

13"Die Here, die God van Israel sê: Ek het 'n verbond gemaak met julle voorvaders toe Ek hulle vrygemaak het uit Egipte waar hulle slawe was. Ek het gesê:

14Julle almal moet elke sewende jaar elke Hebreër van julle eie volk wat 'n slaaf van julle geword het en wat ses jaar lank vir julle gewerk het, vry laat weggaan. "Maar julle voorvaders het dit nie gedoen nie, hulle was nie gehoorsaam nie.

15En julle het nou die regte ding gedoen wat Ek wil hê. Julle het besluit om die slawe wat Israeliete is, vry te laat weggaan, en julle het 'n ooreenkoms gemaak in die tempel wat my Naam het.

16Maar toe verander julle weer en julle ontwy my Naam en julle laat die slawe en slavinne wat julle vry laat weggaan het, terugkom en julle maak hulle weer slawe en slavinne.

17Daarom sê Ek nou: Julle was nie gehoorsaam aan My nie, julle het nie die slawe wat Israeliete is, vry laat weggaan nie. Nou sal Ek julle vry laat weggaan, vry om te sterf in die oorlog en van pes en van honger. Ek sal julle iets maak wat al die volke sal laat skrik.

18Julle het 'n ooreenkoms gemaak, en Ek was die getuie. Julle het 'n kalf in twee stukke gesny en toe het julle tussen die twee stukke verbygeloop. Party manne het

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

nie gedoen wat hulle in die ooreenkoms belowe het nie. Ek sal hulle nou soos daardie kalf in twee stukke sny.

19Ek sal dit doen met die amptenare van Juda en Jerusalem, met die offisiere en met die priesters en met al die mense wat tussen die stukke van die kalf verbygeloop het.

20Ek sal hierdie mense vir hulle vyande gee, vir die mense wat hulle wil doodmaak, en hulle lyke sal kos wees vir die voëls en die wilde diere.

21En Ek sal koning Sedekia van Juda en sy amptenare vir hulle vyande gee wat vir hulle wil doodmaak, vir die soldate van die koning van Babel wat weggegaan het van julle.

22Ek sal vir hulle sê hulle moet terugkom na hierdie stad. Hulle sal oorlog maak teen die stad en hulle sal dit oorwin en verbrand. Ek sal al die mense laat verdwyn uit die stede van Juda, daar sal niemand woon nie."

Jeremia 35

Die Rekabiete

1Dit was in die tyd toe Jojakim seun van Josia die koning van Juda was. Die Here het vir my, Jeremia, gesê:

2"Jeremia, gaan na die Rekabiete-familie en praat met hulle. Bring hulle na een van die kamers by die tempel en gee vir hulle wyn om te drink."

3Ek het toe vir Jaäsanja seun van Jeremia seun van Gabassinja en al sy broers en sy seuns, die hele Rekab-familie, geneem

4en ek het hulle gebring na die kamer van die seuns van Ganan, die man van God. Ganan was die seun van Jigdalja. Die kamer was langs die kamer van die amptenare, en die kamer van die amptenare was bo die kamer van Maäseja seun van Sallum. Maäseja was die wag by die deur van die tempel.

5Ek het bakke wyn en bekers voor die Rekab-familie gesit en vir hulle gesê: "Drink die wyn."

6Maar hulle het gesê: "Ons drink nie wyn nie, want ons voorvader Jonadab seun van Rekab het vir ons gesê: 'Julle mag nooit wyn drink nie, julle en julle kinders.

7En julle mag nie huise bou of koring saai of wingerde plant nie. Julle moet altyd in tente woon sodat julle lank kan lewe in die land waar julle vreemdelinge is.'

8Ons het gedoen wat ons voorvader seun van Rekab gesê het. Ons het nooit wyn gedrink nie, ons en ons vroue en ons kinders,

9en ons het nie huise gebou om in te woon nie, en ons het nie wingerde of koringlande waar ons saai nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Ons het in tente gewoon en ons het alles gedoen wat ons voorvader Jonadab gesê het.

11Maar toe koning Nebukadnesar van Babel na die land gekom het, het ons gesê: ‘Kom ons gaan nou na Jerusalem en gaan woon daar, weg van die soldate van die Galdeërs en die Arameërs.’ ”

12Jeremia het gehoor die Here sê vir hom:

13“Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Jeremia, jy moet vir die mense van Juda en vir die mense wat in Jerusalem woon, gaan sê: Die Here vra: Hoekom wil julle nie leer en gehoorsaam wees aan My nie?

14Die nageslag van Jonadab seun van Rekab drink nou nog nie wyn nie, hulle doen wat hulle voorvader gesê het. Maar julle doen nie wat Ek aangehou het om vir julle te sê nie.

15Ek het aangehou om my dienaars, die profete, na julle toe te stuur en Ek het vir julle gesê: ‘Asseblief, julle moet terugkom, elkeen moet terugkom en hy moet die slegte pad los wat hy loop. Julle moet reg lewe en julle moenie ander gode dien nie, dan mag julle aanhou woon in die land wat Ek vir julle en julle voorvaders gegee het. Maar julle het nie geluister na My nie, julle was nie gehoorsaam nie.

16Die nageslag van Jonadab seun van Rekab het gedoen wat hulle voorvader vir hulle gesê het, maar hierdie volk was nie gehoorsaam aan My nie.’ ”

17Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: “Ek het gesê baie slegte dinge sal gebeur met Juda en met almal wat in Jerusalem woon. Daarom laat Ek dit nou gebeur, want Ek het met hulle gepraat, maar hulle het nie geluister nie, Ek het hulle geroep, maar hulle het nie geantwoord nie.”

18Maar Jeremia het vir die Rekabiete-familie gesê: “Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Julle het alles gedoen wat julle voorvader Jonadab vir julle gesê het, julle het gelewe soos hy gesê het.

19Daarom sê Ek, die Here wat oor alles regeer, die God van Israel: Daar sal altyd iemand van die nageslag van Jonadab, seun van Rekab, wees om My te dien.”

Jeremia 36

Die boekrol

1Dit was in die vierde jaar nadat Jojakim seun van Josia koning van Juda geword het. Jeremia het gehoor die Here praat en sê vir hom:

2“Jy moet ’n boekrol neem en jy moet alles daarop skryf wat Ek vir jou oor Israel en Juda gesê het, van die tyd toe Josia koning was, tot nou toe.

© Bible Society of South Africa.

3Miskien sal die mense van Juda ophou om verkeerde dinge te doen wanneer hulle
hoor van al die slegte dinge wat Ek aan hulle wil doen. Dan kan Ek hulle sondes
vergewe."

4Jeremia het vir Baruk seun van Nerija geroep, en Baruk het alles op die boekrol
geskryf wat die Here gesê het. Hy het geskryf wat Jeremia vir hom gesê het.

5Jeremia het vir Baruk gesê: "Ek is in die tronk, ek kan nie na die tempel gaan nie.

6Jy moet gaan en jy moet vir die mense alles gaan lees wat jy op die boekrol geskryf
het, alles wat ek vir jou gesê het wat die Here gesê het. Jy moet dit op die vasdag
lees in die tempel waar die mense jou kan hoor, ook al die mense wat uit die stede
van Juda gekom het.

7Miskien sal hulle vir die Here soebat dat Hy genadig moet wees en miskien sal hulle
ophou om verkeerde dinge te doen, want die Here is baie kwaad vir hierdie mense.
Hy het gesê Hy sal hulle straf."

8Baruk seun van Nerija het alles gedoen wat die profeet Jeremia vir hom gesê het.
Baruk het in die tempel alles gelees wat hy op die boekrol geskryf het, alles wat die
Here gesê het.

9Dit was die vyfde jaar nadat Jojakim seun van Josia koning van Juda geword het, in
die negende maand. Al die mense in Jerusalem en almal wat uit die stede van Juda
gekom het, het by die tempel bymekaargekom om 'n vasdag te hou.

10Baruk het alles gelees wat hy op die boekrol geskryf het, alles wat Jeremia gesê
het. Dit was in die kamer van Gemarja seun van Safan, by die boonste oop stuk
grond waar die mense deur die nuwe poort na die tempel gaan. Al die mense het dit
gehoor.

11Miga seun van Gemarja seun van Safan het alles gehoor wat Baruk uit die boekrol
gelees het, alles wat die Here gesê het.

12Miga het na die paleis gegaan, na die kamer van die sekretaris van die koning. Al
die amptenare het daar gesit. Hulle was die sekretaris Elisama, Delaja seun van
Semaja, Elnatan, Akbor, Gemarja seun van Safan, Sedekia seun van Gananja, en al die
ander amptenare.

13Miga het vir hulle alles vertel wat hy gehoor het toe Baruk vir die mense gelees het
wat hy op die boekrol geskryf het.

14Toe stuur die amptenare vir Jehudi seun van Netanja seun van Selemja seun van
Kusi na Baruk toe om vir hom te sê: "Neem die boekrol waaruit jy vir die mense
gelees het, en kom hiernatoe." Baruk seun van Nerija het die boekrol geneem en hy
het na hulle toe gekom.

15Hulle het vir hom gesê: "Sit asseblief en lees dit vir ons."

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16 En toe hulle alles hoor, het hulle geskrik en hulle het vir mekaar en vir Baruk gesê:
“Ons móét vir die koning sê wat jy hier geskryf het, dit is seker.”

17 Hulle het vir Baruk gevra: “Sê asseblief vir ons hoe het jy geweet wat jy alles moet
skryf? Het Jeremia dit vir jou gesê?”

18 Baruk het vir hulle gesê: “Ek het die woorde geskryf wat Jeremia vir my gesê het.
Hy het vir my alles gesê en ek het dit geskryf in die boekrol wat hy vir my gegee het.”

19 Die amptenare het vir Baruk gesê: “Jy en Jeremia moet gaan wegkruip. Niemand
mag weet waar julle is nie.”

20 Die amptenare het na die koning toe gegaan, hy was in die binneplaas. Hulle het
die boekrol in die kamer van die sekretaris Elisama laat bly. Hulle het vir die koning
gesê wat Baruk in die boekrol geskryf het.

21 Die koning stuur toe vir Jehudi om die boekrol te gaan haal. Jehudi het die boekrol
gebring uit die kamer van die sekretaris Elisama en hy het dit gelees vir die koning en
vir al die amptenare by die koning.

22 Die koning het in die winterkamer gesit. Daar was ’n vuur in die kaggel. Dit was in
die negende maand.

23 Elke maal nadat Jehudi drie of vier stukke klaar gelees het, het die koning dit
afgesny met ’n skrywersmes en dan het hy dit in die vuur gegooi wat in die kaggel
gebrand het. Hy het aangehou totdat die hele boekrol verbrand was.

24 Die koning en al sy amptenare het nie bang geword toe hulle alles gehoor het nie,
hulle het nie hulle klere geskeur nie.

25 Net Elnatan en Delaja en Gemarja het aangehou om vir die koning te sê hy moenie
die boekrol verbrand nie, maar hy het nie na hulle geluister nie.

26 Die koning het vir sy seun Jeragmeël en vir Seraja seun van Asriël en vir Selemja
seun van Abdeël gesê hulle moet die skrywer Baruk en die profeet Jeremia gaan
vang. Maar die Here het vir Jeremia en Baruk weggesteek.

27 Nadat die koning die boekrol verbrand het waarop Baruk die woorde geskryf het
wat Jeremia vir hom gesê het, het Jeremia gehoor die Here sê vir hom:

28 “Jy moet ’n ander boekrol neem en jy moet weer alles daarop skryf wat jy op die
eerste boekrol geskryf het, die boekrol wat koning Jojakim van Juda verbrand het.

29 En jy moet vir koning Jojakim van Juda sê: ‘Jojakim, jy het daardie boekrol verbrand
en jy het gevra: Hoekom het Jeremia op die boekrol geskryf dat dit seker is dat die
koning van Babel sal kom en dat hy hierdie land sal verwoes en al die mense en
diere sal wegvat?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Daarom sê die Here nou oor koning Jojakim van Juda: Niemand van sy nageslag sal op die troon van Dawid sit nie. En sy lyk sal buite lê in die dag wanneer dit warm is en in die nag wanneer dit koud is.

31Ek, die Here, sal hom en sy nageslag en die mense wat vir hom werk, straf oor alles wat hulle verkeerd gedoen het. En Ek sal al die slegte dinge wat Ek gesê het, met hulle laat gebeur, met hulle en met die mense van Jerusalem en met die mense van Juda. Hulle was nie gehoorsaam nie.' "

32Jeremia het toe 'n ander boekrol geneem en hy het dit vir die skrywer Baruk seun van Nerija gegee. Baruk het alles daarop geskryf wat Jeremia gesê het, alles wat op die eerste boekrol was wat koning Jojakim van Juda verbrand het. Jeremia het nog baie meer van daardie dinge gesê, en Baruk het dit geskryf.

Jeremia 37

Koning Sedekia stuur boodskappers na Jeremia

1Koning Sedekia seun van Jojakim het regeer ná Jojagin seun van Josia. Koning Nebukadnesar van Babel het vir Sedekia koning gemaak oor die land Juda.

2Sedekia en sy amptenare en die mense van die land het nie geluister na die boodskap van die Here wat Hy vir Jeremia gegee het om vir hulle te bring nie.

3Maar koning Sedekia het vir Jukal seun van Selemja en vir die priester Sefanja seun van Maäseja gestuur om vir Jeremia te vra: "Bid asseblief vir ons tot ons God die Here."

4Jeremia kon in daardie tyd tussen die mense rondloop, want hy was nie toe in die tronk nie.

5Die soldate van die farao het uit Egipte gekom terwyl die Galdeërs Jerusalem van al die kante aangeval het. Toe die Galdeërs dit hoor, het hulle weggegaan van Jerusalem.

6Jeremia het gehoor die Here sê vir hom:

7"Die Here, die God van Israel, sê vir die boodskappers van die koning: Sê vir die koning van Juda wat julle gestuur het om te hoor wat Ek sê: Die soldate van die farao het gekom om julle te help, maar hulle het omgedraai en teruggegaan na hulle land Egipte.

8Die Galdeërs sal terugkom en hulle sal oorlog maak teen hierdie stad en dit oorwin en dit verbrand.

9Die Here sê: Julle moenie julleself bedrieg nie, moenie dink die Galdeërs het heeltemal weggegaan nie, want hulle hét nie weggegaan nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Ook as julle miskien al die soldate van die Galdeërs oorwin wat oorlog maak teen julle, dan sal die soldate wat seergekry het en in hulle tente lê, opstaan, en hulle sal hierdie stad verbrand."

Jeremia in die tronk

11Toe die soldate van die Galdeërs weggegaan het van Jerusalem, het hulle gehoor dat die soldate van die farao kom.

12Jeremia het toe weggegaan uit Jerusalem. Hy wou na die land Benjamin gaan om sy deel te kry van die grond van sy familie.

13Maar toe hy in die Benjamin-poort kom, het 'n offisier van die wagte vir Jeremia gegryp. Die offisier was Jirija seun van Selemja seun van Gananja. Jirija het gesê: "Jy wil nou na die Galdeërs toe gaan om saam met hulle te veg."

14Maar Jeremia het gesê: "Dit is nie waar nie. Ek gaan nie na die Galdeërs toe nie." Maar Jirija het nie vir Jeremia geglo nie. Hy het Jeremia gegryp en hy het hom na die amptenare gebring.

15Die amptenare was kwaad vir Jeremia. Hulle het hom geslaan en toegesluit in die huis van die sekretaris Jonatan. Hulle het die huis verander en hulle het dit 'n tronk gemaak.

16Hulle het Jeremia toe in 'n put gesit. In die put was daar ook ander kamers, en Jeremia het lank daar gebly.

Koning Sedekia praat met Jeremia

17Koning Sedekia het eendag vir Jeremia laat haal om na die paleis te kom. Toe hulle twee alleen was, het hy vir Jeremia gevra: "Is daar 'n boodskap van die Here?" Jeremia het gesê: "Ja, daar is 'n boodskap. Die koning van Babel sal jou oorwin en hy sal jou vang."

18Jeremia het ook vir koning Sedekia gesê: "Wat het ek verkeerd gedoen teen jou en jou amptenare en al hierdie mense? Hoekom het julle my in die tronk gesit?

19En waar is julle profete nou wat vir julle die boodskap gebring het dat die koning van Babel nie teen julle en teen hierdie land sal kom oorlog maak nie?

20Meneer die koning, luister nou asseblief na wat ek vra: Moenie dat ek teruggaan na die huis van die sekretaris Jonatan nie, ek sal daar sterf."

21Die koning het toe gesê dat hulle vir Jeremia moet oppas in die binneplaas van die wagte. Hy het ook gesê dat Jeremia elke dag 'n brood moet kry van die bakkerstraat. Jeremia het brood gekry totdat al die kos in die stad op was. Jeremia het in die binneplaas van die paleiswagte gebly.

Jeremia 38

Amptenare sit vir Jeremia in 'n modderput, en die koning laat hom uithaal

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

1Sefatja seun van Mattan, Gedalja seun van Pasgur, Jukal seun van Selemja en Pasgur
seun van Malkija het gehoor wat Jeremia vir al die mense gesê het.

2Jeremia het gesê: “Die Here sê: Elkeen wat in hierdie stad bly, sal sterf in die oorlog
of van honger of van pes. Maar elkeen wat na die Galdeërs toe gaan, sal aanhou
lewe. Hy sal niks anders hê nie, maar hy sal lewe.

3Die Here sê: Ek gee hierdie stad vir die soldate van die koning van Babel. Hulle sal
dit oorwin, dit is seker.”

4Die amptenare het vir die koning gesê: “Asseblief, hierdie man moet sterf, want hy
sê hierdie dinge en dit maak die manne moedeloos wat oorgebly het in die stad. Hy
maak ook al die ander mense moedeloos. Hy wil nie hê dit moet goed gaan met
hierdie mense nie, hy wil hê dit moet sleg gaan.”

5Koning Sedekia het gesê: “Julle mag met Jeremia doen wat julle wil, ek kan julle nie
stop nie.”

6Toe het die amptenare vir Jeremia gevat en hulle het hom met toue in ’n put laat
afsak. Die put het behoort aan Malkihu, die seun van die koning. Daar was nie water
in die put nie, daar was modder, en Jeremia het in die modder ingesak.

7Die Kussiet Ebed-Melek, ’n paleisbediende, het gehoor dat hulle vir Jeremia in die
put gesit het. Die koning het in die Benjamin-poort gesit,

8en Ebed-Melek het uit die paleis gegaan en vir die koning gaan sê:

9“Meneer die koning, hierdie manne het ’n slegte ding gedoen met Jeremia. Hulle
het hom in ’n put gegooi sodat hy daar van honger moet sterf, want daar is nie meer
kos in die stad nie.”

10Toe het die koning vir die Kussiet Ebed-Melek gesê: “Jy moet gaan en jy moet drie
manne saam met jou neem. Julle moet vir Jeremia uit die put optrek voordat hy
sterf.”

11Ebed-Melek het die manne saamgeneem en hulle het ou, stukkende klere uit die
stoorkamer van die paleis gevat. Hy het dit met toue laat afsak na Jeremia in die put.

12Hy het vir Jeremia gesê: “Jy moet die lappe onder jou arms sit sodat die toue jou
arms nie seermaak nie.”

13Jeremia het dit gedoen, en hulle het hom met die toue uit die put opgetrek. Hy het
in die binneplaas van die wagte gebly.

Die koning praat weer met Jeremia

14Koning Sedekia het die profeet Jeremia laat haal om na hom toe te kom. Die
koning was in die derde ingang na die tempel. Hy het vir Jeremia gesê: “Ek wil vir jou
iets vra, en jy moet alles vir my vertel.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Jeremia het vir Sedekia gesê: “As ek alles vir jou vertel, dan sal jy my doodmaak, dit
is seker. En as ek vir jou sê wat om te doen, dan sal jy nie na my luister nie.”

16Koning Sedekia het met Jeremia gepraat waar niemand anders dit kon hoor nie, en
hy het vir Jeremia belowe: “So seker soos die Here lewe wat vir ons die lewe gee, ek
sal jou nie doodmaak nie, en ek sal jou nie vir die manne gee wat jou wil doodmaak
nie.”

17Toe sê Jeremia vir Sedekia: “Die Here, die God wat oor alles regeer, die God van
Israel, sê: As jy uitgaan na die amptenare van die koning van Babel, dan sal jy
aanhou lewe en dan sal hulle nie hierdie stad verbrand nie. Jy en jou huisgesin sal
aanhou lewe.

18Maar as jy nie uitgaan na die amptenare van die koning van Babel nie, dan sal Ek
hierdie stad vir die Galdeërs gee, en hulle sal dit verbrand. En jy sal nie kan wegvlug
van hulle nie.”

19Koning Sedekia het vir Jeremia gesê: “Ek is bang vir die Judeërs wat na die Galdeërs
weggeloop het om saam met hulle te veg. Die Galdeërs sal my vir daardie Judeërs
gee, en hulle sal my aanval en seermaak.”

20Jeremia het gesê: “Die Galdeërs sal jou nie vir daardie mense gee nie. Koning
Sedekia, jy moet asseblief luister en doen wat die Here sê. Dan sal dit goed gaan met
jou en jy sal aanhou lewe.

21Maar die Here het vir my gewys wat sal gebeur as jy nie wil uitgaan nie:

22Al die vroue wat oorgebly het in die paleis van die koning van Juda, sal uitgaan na
die amptenare van die koning van Babel en hulle sal sê: “ ‘Jou vriende het
jou bedrieg, hulle het jou verkeerd laat besluit, nou sal jou voete wegsak in die
modder, en jou vriende het gevlug.’

23“Al jou vroue en jou seuns sal moet uitgaan na die Galdeërs toe, en jy sal ook nie
vry kan wegkom nie. Ja, hulle sal jou vang en vir die koning van Babel gee, en hulle
sal hierdie stad verbrand.”

24Sedekia het vir Jeremia gesê: “Jy moet vir niemand sê wat ons gepraat het nie, dan
sal jy nie sterf nie.

25As die amptenare hoor dat ek met jou gepraat het, dan sal hulle na jou toe kom en
hulle sal vir jou sê: ‘Vertel asseblief vir ons wat jy vir die koning gesê het. Jy moet
alles vir ons vertel, dan sal ons jou nie doodmaak nie.’ Hulle sal ook vir jou vra wat
die koning vir jou gesê het.

26Dan moet jy vir hulle sê: ‘Ek het vir die koning kom soebat dat hy my nie moet
terugstuur na die huis van Jonatan om daar te sterf nie.’ ”

© Bible Society of South Africa.

27Al die amptenare het toe na Jeremia toe gekom en vir hom gevra wat hulle gepraat het. Hy het hulle geantwoord soos die koning gesê het, en hulle het hom gelos, want niemand het gehoor wat hy en die koning gepraat het nie.

28Jeremia het in die binneplaas van die wagte gebly tot die dag toe die Galdeërs Jerusalem oorwin het.

Die Galdeërs oorwin Jerusalem

(Kyk ook Jer 52:1-30; 2 Kon 25:1-12)

Die Galdeërs het Jerusalem oorwin. Dit het só gebeur:

Jeremia 39

1In die negende jaar nadat Sedekia koning van Juda geword het, in die tiende maand, het koning Nebukadnesar na Jerusalem gekom en hy het die stad van al die kante aangeval.

2En in die twaalfde jaar nadat Sedekia koning geword het, op die negende dag van die vierde maand, het hulle deur die mure van die stad gebreek.

3Al die amptenare van die koning van Babel het in die stad gekom en hulle het by die Middel-poort gaan sit. Die amptenare was: Nergal-Sareser van Samgar, Nebu-sar-sekim die hoof-amptenaar, en al die ander amptenare van die koning van Babel. Nergal-Sareser was die hoof van die soldate wat op oorlogkarre geveg het.

4Toe koning Sedekia van Juda en al sy soldate die amptenare van die koning van Babel sien, het hulle gevlug. Hulle het in die nag uit die stad gegaan deur die poort tussen die twee mure, op die pad na die koning se tuin, en toe het hulle op die pad na die Jordaan-vallei verder gegaan.

5Maar die soldate van die Galdeërs het hulle gevolg en gejaag en hulle het vir Sedekia gekry op die droë gelyk grond by die stad Jerigo. Hulle het hom gevang en hulle het hom na koning Nebukadnesar toe gebring in die stad Ribla in die land Hamat. Nebukadnesar het besluit hoe hy vir Sedekia wil straf.

6Hy het Sedekia se seuns en al die belangrike mense van Juda daar in Ribla laat doodmaak terwyl Sedekia moes kyk.

7Toe het hy Sedekia se oë uitgesteek en hy het hom met kettings laat vasbind om hom na Babel te vat.

8Die Galdeërs het die paleis en die huise in Jerusalem afgebreek en hulle het die stad verbrand.

9Nebusaradan, die hoof-offisier van die koning van Babel, het die mense wat in Jerusalem oorgebly het, gevang en weggevat na Babel, en ook die mense wat weggeloop het na die Galdeërs toe om saam met hulle te veg.

© Bible Society of South Africa.

10Nebusaradan het die arm mense wat niks gehad het nie, in die land Juda laat bly en
hy het toe ook vir hulle lande en wingerde gegee.

11Koning Nebukadnesar van Babel het vir Nebusaradan, die hoof-offisier, gesê wat hy
met Jeremia moet doen. Hy het vir Nebusaradan gesê:

12"Jy moet vir Jeremia laat haal en hom oppas. Kyk dat niks met hom gebeur nie, en
doen wat hy vir jou sê."

13Nebusaradan, die hoof-offisier, en Nebusasban, die hoof-amptenaar, en Nergal-
Sareser, die hoof van die soldate wat op oorlogkarre geveg het, en al die offisiere
van die koning van Babel

14het mense gestuur en hulle het vir Jeremia uit die binneplaas van die wagte
gebring. Hulle het Jeremia vir Gedalja gegee en gesê hy moet Jeremia na sy huis
bring. Gedalja was die seun van Agikam en Agikam was die seun van Safan. Jeremia
het tussen die mense gaan woon.

'n Belofte aan Ebed-Melek

15Toe Jeremia nog in die binneplaas van die wagte was, het hy gehoor die Here sê
vir hom:

16"Jy moet vir die Kussiet Ebed-Melek gaan sê: Die Here wat oor alles regeer, die God
van Israel, sê: Kyk, Ek sal alles laat gebeur wat Ek oor hierdie stad gesê het. Dit sal
sleg gaan, nie goed nie. En jy sal sien wanneer dit gebeur.

17Maar Ek sal jou red daardie dag. Jy is bang vir die manne, maar Ek sal jou nie vir
hulle gee nie. Ja,

18Ek sal jou vry laat wegkom, dit is seker. Jy sal nie in die oorlog sterf nie. Jy sal niks
hê nie, maar jy sal lewe omdat jy geglo het dat Ek jou sal help." Dit het die Here gesê.

Jeremia 40

Jeremia gaan woon in Mispa by Gedalja

1Jeremia het gehoor die Here praat met hom. Dit was nadat Nebusaradan, die hoof-
offisier van die koning van Babel, vir Jeremia by Rama vry laat gaan het. Jeremia was
met kettings vasgebind tussen die gevangenes van Jerusalem en Juda wat na Babel
moes gaan.

2Die hoof-offisier het vir Jeremia apart geneem en hy het met Jeremia gepraat waar
hulle alleen was. Hy het vir Jeremia gesê: "Dit is jou God die Here wat die mense van
hierdie plek gestraf het.

3Jou God het laat gebeur wat Hy gesê het, Hy het dit gedoen omdat julle sonde
gedoen het teen Hom en nie gehoorsaam was aan Hom nie. Daarom het hierdie ding
met julle gebeur.

© Bible Society of South Africa.

4Maar kyk, ek haal nou die kettings van jou arms af. As jy wil, kom saam na Babel en
ek sal vir jou sorg. As jy nie wil saamkom na Babel nie, bly hier. Kyk, die hele land is
hier vir jou. Jy mag gaan waarnatoe jy wil.

5En as daar nie mense is waar jy wil woon nie, dan moet jy terugkom na Gedalja seun
van Agikam seun van Safan toe. Die koning van Babel het vir Gedalja gekies en
aangestel om te regeer oor die stede van Juda. Jy moet by hom bly saam met die
mense, of jy kan gaan na enige plek waar jy wil." Die hoof-offisier het vir Jeremia
padkos en presente gegee en hy het Jeremia laat gaan.

6Jeremia het na Gedalja toe in Mispa gegaan en hy het daar by hom gaan bly saam
met die mense wat nog oorgebly het in die land.

Ismael vermoor die goewerneur Gedalja

(Kyk ook 2 Kon 25:22-24)

7Daar was nog offisiere van Juda in die veld. Hulle en hulle manne het gehoor dat
die koning van Babel vir Gedalja gekies en aangestel het om oor die land te regeer.
Gedalja moes regeer oor die mans, vroue en kinders wat nie na Babel moes gaan nie.
Hulle was die arm mense van die land.

8Die offisiere het na Gedalja toe gekom in die stad Mispa. Die offisiere was Ismael
seun van Netanja, Joganan seun van Kareag, Seraja seun van Tangumet, die seuns
van Efai van die stad Netofa, en Jesanja van die stad Maäka. Dit was die offisiere en
hulle manne.

9Gedalja seun van Agikam seun van Safan het vir die offisiere en hulle manne gesê:
"So seker soos die Here lewe, julle moenie bang wees vir die amptenare van die
Galdeërs nie. Julle moet in die land woon en vir die koning van Babel werk, dan sal
dit goed gaan met julle.

10Ek moet hier in Mispa bly, ek sal vir die Galdeërs wat hiernatoe kom, doen wat
hulle nodig het. Maar julle kan vir julle wyn en vrugte en olyf-olie bymekaarmaak en
dit in julle kruike sit. Dan kan julle gaan woon in die stede wat julle gevat het."

11Daar was ook Judeërs in Moab en by die Ammoniete en in Edom en in ander lande.
Hulle almal het gehoor dat die koning van Babel party mense in Juda laat bly het en
dat hy vir Gedalja gekies en aangestel het om oor hulle te regeer.

12Al die Judeërs het toe teruggekom uit die lande waarnatoe hulle gevlug het. Hulle
het na Gedalja toe gegaan in Mispa en hulle het baie wyn en vrugte
bymekaargemaak.

13Joganan en die offisiere wat in die veld was, het na Gedalja toe gekom in Mispa

14en hulle het vir hom gesê: "Weet jy dat koning Baälis van die Ammoniete vir Ismael
gestuur het om jou te vermoor?" Maar Gedalja het hulle nie geglo nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Toe Joganan alleen by Gedalja in Mispa was, het hy vir Gedalja gesê: “Asseblief, ek sal vir Ismael gaan vermoor. Niemand sal dit weet nie. Hoekom moet hy jou vermoor en al die Judeërs wegjaag na al die kante toe, die Judeërs wat hier by jou bymekaargekom het? As dit gebeur, dan sal daar niks van die Judeërs oorbly nie.”

16Gedalja het vir Joganan gesê: “Nee, jy moenie dit doen nie. Jy vertel leuens oor Ismael.”

Jeremia 41

1Ismael was familie van die konings van Juda en hy was een van hulle belangrike amptenare. Hy en tien manne het in die sewende maand na Gedalja toe gekom in die stad Mispa. Toe hulle een dag daar in Mispa saam geëet het,

2het Ismael en die tien manne by hom opgestaan en hulle het vir Gedalja met swaarde gekap en doodgemaak. Gedalja was die man vir wie die koning van Babel gekies en aangestel het om oor die land te regeer.

3Ismael het ook al die Judeërs doodgemaak wat by Gedalja was, en al die soldate van die Galdeërs wat daar was.

4-5Op die tweede dag daarna het daar mans uit die stede Sigem, Silo en Samaria in Mispa aangekom. Dit was 80 mans. Niemand buite die stad het toe geweet dat Ismael vir Gedalja vermoor het nie. Die mans het hulle baarde afgeskeer en hulle klere geskeur en hulleself stukkend gesny. Hulle het koring-offers en wierook by hulle gehad, hulle wou dit na die tempel van die Here bring.

6Ismael het uit Mispa gegaan om hulle te ontmoet. Toe hy by hulle kom, het hy gehuil en vir hulle gesê: “Kom na Gedalja toe.”

7Maar toe hulle in die stad kom, het Ismael en die manne by hom begin om daardie mans dood te maak en hulle het die lyke van die mans in ’n gat gegooi.

8Tien van die mans het vir Ismael gesê: “Jy moet ons nie doodmaak nie, want ons het baie koring, gars, olyf-olie en heuning in die veld weggesteek.” Ismael het toe nie die tien mans doodgemaak saam met die ander mans nie.

9Ismael het al die lyke van die mans wat hy doodgemaak het, in ’n gat gegooi. Dit was die groot watergat wat koning Asa laat grawe het toe koning Baesa van Israel oorlog gemaak het teen hom. Ismael het die gat volgemaak met die lyke.

Joganan maak die mense vry by Gibeon

10Ismael het al die mense gevang wat in Mispa oorgebly het. Dit was die prinsesse en al die mense in Mispa. Nebusaradan, die hoof-offisier van die Galdeërs, het vir Gedalja gekies en aangestel om oor hierdie mense te regeer. Ismael het hulle gevang en hy het weggegaan uit Mispa. Hy wou na die Ammoniete toe gaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[11]Maar Joganan en al die offisiere wat by hom was, het gehoor van al die slegte dinge wat Ismael gedoen het

[12]en hulle het al hulle manne geneem om oorlog te gaan maak teen Ismael. Hulle het vir Ismael gekry by die groot dam naby Gibeon.

[13]Toe al die mense wat by Ismael was, vir Joganan en die offisiere by hom sien, was hulle baie bly.

[14]Al die mense vir wie Ismael gevang het en saamgevat het uit Mispa, het toe weggegaan van Ismael en hulle het na Joganan toe gegaan.

[15]Ismael het saam met ag manne gevlug. Hulle het weggekom van Joganan en hulle het na die Ammoniete toe gegaan.

[16]Joganan en al die offisiere wat by hom was, het toe al die mense saamgeneem wat oorgebly het en wat hulle by Gibeon vrygemaak het. Dit was al die mans en soldate en vroue en kinders en amptenare vir wie Ismael gevang het nadat hy vir Gedalja vermoor het.

[17]Hulle het vir ’n kort tyd gaan woon op die stuk grond wat aan Kimham behoort het, dit was naby Betlehem. Hulle wou na Egipte gaan,

[18]want hulle was bang vir die Galdeërs omdat Ismael vir Gedalja vermoor het. Gedalja was die man vir wie die koning van Babel gekies en aangestel het om oor die land te regeer.

Jeremia 42

Joganan en sy mense vlug na Egipte en hulle vat vir Jeremia saam

[1]Al die offisiere en Joganan en Jesanja seun van Hosaja en al die ander mense, onbelangrike en belangrike mense, het na die profeet Jeremia toe gekom

[2]en hulle het vir hom gesê: “Ons vra asseblief, jy moet vir ons bid tot jou God die Here, bid vir ons wat nog lewe. Ons was baie mense, maar jy kan sien ons is nou min.

[3]Jou God die Here moet vir ons sê waarnatoe ons moet gaan en wat ons moet doen.”

[4]Die profeet Jeremia het vir hulle gesê: “Ek het gehoor wat julle vra. Goed, ek sal dit vra vir julle God die Here en ek sal vir julle alles sê wat die Here vir julle antwoord, ek sal alles sê wat Hy sê.”

[5]Húlle antwoord toe vir Jeremia en sê: “Die Here moet die getuie wees. Hy hoor wat ons sê, en Hy sal doen wat Hy sê. As Hy jou na ons toe stuur en ons doen nie alles wat Hy sê nie, dan moet Hy ons straf.

[6]Ons het jou gestuur na ons God die Here toe en ons sal doen wat Hy sê, dit maak nie saak of dit goed of sleg is nie. Ons weet dit sal goed gaan met ons as ons doen wat ons God die Here sê.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Tien dae later het Jeremia gehoor die Here praat met hom.

8Hy het na Joganan toe gegaan en na al die offisiere wat by hom was, en hy het al die mense geroep, die onbelangrike en die belangrike mense.

9Hy het vir hulle gesê: “Julle het my gestuur na die Here toe, die God van Israel, om vir Hom te sê wat julle vra. Die Here sê:

10As julle aanhou woon in hierdie land, dan sal Ek julle bou, Ek sal julle nie afbreek nie. Ek sal julle plant, Ek sal julle nie uitruk nie, want Ek is jammer dat Ek julle laat swaarkry het.

11Julle moenie bang wees vir die koning van Babel nie, julle moenie bang wees nie, want Ek is by julle om julle te red en julle vry te maak van hom.

12Ek sal genadig wees vir julle, en dan dan sal hy vir julle genadig wees en julle terugbring na julle land.

13“Maar as julle sê julle wil nie in hierdie land bly nie, as julle nie wil doen wat julle God die Here vir julle sê nie, dan sal dit sleg gaan met julle.

14Julle sê: ‘Nee, ons wil na Egipte gaan. Daar sal nie oorlog wees nie, ons sal nie die ramshoring hoor blaas nie. En ons sal genoeg kos hê. Ons wil daar gaan woon.’

15-16Dit is wat julle sê, maar dan moet julle nou luister na wat die Here vir julle sê wat oorgebly het van die mense van Juda. Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Julle was bang vir oorlog. As julle vas besluit het om na Egipte te gaan en om daar vreemdelinge te wees, dan sal die oorlog daar in die land Egipte na julle toe kom. En julle is bekommerd dat julle honger sal wees, maar die honger sal daar altyd by julle wees.

17Al die manne wat besluit om na Egipte te gaan en daar vreemdelinge te wees, sal sterf in oorlog of van honger of pes. Nie een sal kan vlug en wegkom van die swaarkry wat Ek oor hulle sal bring nie.

18Ja, die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Ek het kwaad geword vir die mense van Jerusalem en Ek het hulle gestraf. So sal Ek kwaad word vir julle en Ek sal julle straf as julle na Egipte gaan. Die mense sal julle name gebruik wanneer hulle ander mense wil vervloek of laat skrik of verneder of spot. En julle sal hierdie plek nooit weer sien nie.

19“Mense van Juda, die Here sê vir julle wat nog lewe, julle moenie na Egipte gaan nie. Julle moet goed besef ek waarsku julle vandag.

20Want julle maak ’n fout, en dit kan julle laat sterf. Júlle het my na julle God die Here toe gestuur en julle het vir my gevra: ‘Bid vir ons tot ons God die Here. Jy moet vir ons alles sê wat Hy sê, en ons sal dit doen.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Maar toe ek vandag vir julle die boodskap van julle God bring, het julle nie geluister
na Hom nie.

22Daarom moet julle weet dat julle sal sterf in oorlog en van honger en pes in die
land waarnatoe julle wil gaan en waar julle vreemdelinge wil wees. Dit is seker."

Jeremia 43

1Jeremia het vir al die mense alles gesê wat hulle God gesê het, hy het die hele
boodskap van die Here vir hulle vertel. Maar toe hy dit klaar gesê het,

2het Asarja en Joganan en ander onbeskofte manne vir hom gesê: "Jy vertel leuens.
Ons God die Here het jou nie gestuur om vir ons te sê ons moenie na Egipte gaan om
daar vreemdelinge te wees nie.

3Nee, dit is Baruk seun van Nerija wat gesê het jy moet téén ons wees. Hy wil hê jy
moet die Galdeërs help om ons te vang en dood te maak of om ons weg te vat na
Babel."

4Joganan en al die offisiere en al die ander mense was nie gehoorsaam aan die Here
nie, hulle wou nie in die land Juda bly nie.

5Hulle het almal gevat wat oorgebly het, almal wat teruggekom het van die ander
volke na wie toe hulle gevlug het en wat in Juda kom woon het.

6Hulle het die mans gevat en die vroue en kinders en oumense, en die prinsesse en
almal wat Nebusaradan, die hoof-offisier van die Galdeërs, by Gedalja laat bly het,
en ook die profeet Jeremia en Baruk, seun van Nerija.

7Hulle het na Egipte gegaan en by die stad Tagpanges aangekom. Hulle was nie
gehoorsaam aan die Here nie.

Nebukadnesar sal oorlog maak teen die mense van Egipte

8In die stad Tagpanges het Jeremia gehoor die Here sê vir hom:

9"Jy moet groot klippe neem en jy moet hulle wegsteek in die klei onder die
baksteenvloer voor die gebou van die farao in Tagpanges. Die Judeërs moet sien
wanneer jy dit doen.

10Dan moet jy vir die Judeërs sê: Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê:
Luister na My, Ek sal my dienaar koning Nebukadnesar van Babel laat kom en Ek sal
sy troon neersit bo-op hierdie klippe wat Ek weggesteek het, en hy sal sy tent daar
bo-op die klippe opslaan.

11Hy sal kom en hy sal die mense van Egipte aanval. Party van hulle sal sterf van pes,
hy sal party van hulle vang en wegvat, hy sal party van hulle doodmaak.

12En Ek sal 'n vuur aansteek in die tempels van die gode van Egipte. Nebukadnesar
sal die tempels verbrand en hy sal die gode wegvat. Hy sal die mense van Egipte vang

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

soos ’n skaapwagter luise in sy klere vang, en hy sal weggaan, niemand sal hom keer nie.

13Nebukadnesar sal die klip-pale van die stad Bet-Semes in Egipte breek, en hy sal die tempels van die gode van Egipte verbrand.”

Jeremia 44

Al die Judeërs in die land Egipte sal sterf

1Die Here het vir Jeremia gestuur om te praat met al die Judeërs wat gewoon het in die stede Migdol en Tagpanges en Nof, en in die land Patros.

2Jeremia moes vir hulle sê: “Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Julle het self gesien wat Ek alles laat gebeur het met Jerusalem en met die stede van Juda. Daardie stede is nou net hope klippe, en niemand woon daar nie.

3Ek het dit gedoen omdat die mense sonde gedoen het. Hulle het My geterg, hulle het wierook-offers gebring en hulle het ander gode gedien wat hulle voorheen nie geken het nie. Julle en julle voorvaders het dit gedoen.

4Ek het aangehou om al my dienaars, die profete, na julle toe te stuur en Ek het vir julle gesê: Asseblief, julle moenie al hierdie slegte dinge doen nie, Ek haat dit.

5Maar julle was nie gehoorsaam nie, julle het nie geluister nie en julle het nie opgehou om die slegte dinge te doen nie. Julle het aangehou om vir ander gode wierook-offers te bring.

6Ek het baie kwaad geword en Ek het die mense gestraf in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem. Die stede het hope klippe geword, niemand woon daar nie. Dit is vandag nog so.

7En nou sê die Here, die God wat oor alles regeer, die God van Israel: Hoekom doen julle hierdie ding wat baie sleg sal wees vir julleself? Julle sal al die mans en vroue en kinders van Juda laat sterf, en daar sal niemand oorbly nie.

8Julle maak My kwaad wanneer julle dit doen. Julle wil in die land Egipte gaan woon en julle wil daar vreemdelinge wees. Julle wil daar vir ander gode wierook-offers bring. Julle sal sterf. Wanneer mense ander mense wil vervloek en spot, dan sal hulle júlle naam gebruik.

9Het julle die slegte dinge vergeet wat julle voorvaders en die konings van Juda en hulle vroue gedoen het in die land Juda en op die strate van Jerusalem? Julle en julle vroue het dit ook gedoen.

10Julle is tot vandag toe nie jammer daaroor nie, julle was nie bang nie. Julle het nie gedoen wat Ek vir julle voorvaders en vir julle gesê het nie.

© Bible Society of South Africa.

11Daarom sê Ek, die Here wat oor alles regeer, die God van Israel: Ek besluit nou dat
Ek julle sal straf en dat Ek die hele Juda sal laat sterf.

12Die Judeërs wat oorgebly het, sal almal sterf in Egipte, almal wat besluit het om na
Egipte te gaan en daar vreemdelinge te wees. Vyande sal hulle doodmaak en hulle
sal sterf van honger. Vyande sal almal doodmaak, onbelangrike en belangrike mense,
en hulle sal sterf van honger. Mense sal hulle name gebruik om ander mense te
vervloek en bang te maak en te beledig en te spot.

13Ek sal die Judeërs wat in Egipte woon, straf soos Ek die mense van Jerusalem
gestraf het. Hulle sal sterf in oorlog en van honger en van pes.

14Nie een van hierdie Judeërs wat oorgebly het en wat in Egipte vreemdelinge wil
wees, sal aanhou lewe nie. Hulle sal later wil teruggaan na die land Juda om daar te
woon, maar hulle sal nie kan terugkom nie. Daar sal min van hulle oorbly wat lewe."

15Daar was mans wat geweet het dat hulle vroue wierook-offers bring vir ander
gode. Hulle en al die vroue wat in die groot volksvergadering gestaan het, almal wat
in Egipte en die land Patros gewoon het, het vir Jeremia gesê:

16"Jy sê die Here het jou gestuur om hierdie dinge vir ons te sê, maar ons sal nie
luister na jou nie.

17Ja, ons sal aanhou om te doen wat ons gesê het. Ons sal vir die koningin van die
hemel offers bring en ons sal vir haar drank-offers uitgooi soos ons en ons
voorvaders en ons konings en ons amptenare altyd gedoen het in die stede van Juda
en op die strate van Jerusalem. Daardie tyd het ons genoeg gehad om te eet, en dit
het goed gegaan met ons, nie sleg nie.

18Maar toe het ons opgehou om offers te bring vir die koningin van die hemel en ons
het opgehou om vir haar drank-offers uit te gooi. Van toe af het ons min kos gehad,
en toe het ons begin sterf in oorlog en van honger."

19Die vroue het gesê: "Ons mans het geweet ons bring offers vir die koningin van die
hemel en ons gooi vir haar drank-offers uit. Hulle het geweet ons maak offer-koekies
wat lyk soos die koningin van die hemel en ons gooi vir haar drank-offers uit."

20Jeremia het gepraat met al die mense wat dit vir hom gesê het, met die mans en
met die vroue. Hy het vir hulle gesê:

21"Die Here het gesien en Hy was baie hartseer oor die offers wat julle gebring het in
die stede van Juda en op die strate van Jerusalem, julle en julle konings en julle
amptenare en al die mense van die land.

22Die Here het ongeduldig geword omdat julle hierdie slegte dinge doen, dinge wat
Hy haat, en daarom het julle land 'n hoop klippe geword waar niemand woon nie. Dit
is iets wat mense noem wanneer hulle ander mense wil bangmaak of vervloek.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Julle het sonde gedoen teen die Here toe julle daardie offers gebring het. Julle het
nie gedoen wat Hy vir julle in sy wette gesê het nie. Daarom gaan dit nou so sleg met
julle."

24Jeremia het vir al die Judeërs gesê, ook vir die vroue: "Judeërs, julle almal wat in
die land Egipte is, julle moet hoor wat die Here sê:

25Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: Wat julle monde sê, dit doen
julle hande. Julle sê julle sal doen wat julle belowe het, en julle sal vir die koningin
van die hemel offers bring en drank-offers uitgooi, dit is seker. Nou moet julle doen
wat julle belowe het.

26Maar julle moet hoor wat sê die Here vir al die Judeërs wat in die land Egipte
woon. Die Here sê: So seker soos Ek lewe, niemand van die Judeërs in die hele land
Egipte sal weer my groot Naam kan noem wanneer hy iets wil belowe nie.

27Ek is nou gereed om hulle te straf, nie om goed te doen aan hulle nie. Elke Judeër
in die land Egipte sal sterf in oorlog of van honger, almal sal sterf.

28Die Judeërs wat nie in die oorlog sterf nie en wat terugkom na die land Juda, sal
min wees. Almal wat oorgebly het en wat na Egipte gekom het om hier vreemdelinge
te wees, sal dan weet wie het die waarheid gepraat, Ek of hulle. "Die Here sê:

29Ek sal julle straf op hierdie plek, sodat julle kan weet dat Ek met julle sal doen wat
Ek sê, dit is seker. Ek gee vir julle hierdie teken:

30Ek sal nie die farao Gofra, die koning van Egipte, help nie. Hy sal die oorlog verloor
teen sy vyande wat hom wil doodmaak, soos Ek ook nie vir koning Sedekia van Juda
gehelp het nie, hy het ook die oorlog verloor teen koning Nebukadnesar van Babel,
sy vyand wat hom wou doodmaak."

Jeremia 45

'n Boodskap vir Baruk

1Die profeet Jeremia het 'n boodskap gebring vir Baruk seun van Nerija. Dit was in
die tyd toe Baruk al hierdie dinge geskryf het op die boekrol, alles wat die profeet vir
hom gesê het. Dit was in die vierde jaar nadat Jojakim seun van Josia koning
van Juda geword het.

2Jeremia het gesê: "Baruk, die Here, die God van Israel, sê vir jou:

3Jy sê dit gaan sleg met jou, want die Here laat jou nog meer swaarkry. Jy hou aan kla
en jy is moeg daarvan, jy kan nie rus nie.

4Maar my boodskap vir jou is: Ek breek af wat Ek gebou het, en Ek ruk uit wat Ek
geplant het. Ek doen dit in die hele land.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Jy maak groot planne vir jouself, maar jy moenie, want Ek sal dit sleg laat gaan met almal. Maar Ek sal jou beskerm oral waar jy gaan, Ek sal jou laat aanhou lewe. Jy sal niks anders hê nie, maar jy sal lewe."

Jeremia 46

Die Here praat oor Egipte

1Jeremia het gehoor die Here praat met hom oor die volke.

2Die Here het gepraat oor Egipte, oor die soldate van die farao Neko, koning van Egipte. Die soldate was in Karkemis by die Eufraat-rivier. Koning Nebukadnesar van Babel het die soldate van die farao oorwin in die vierde jaar nadat Jojakim, seun van Josia, koning van Juda geword het.

3Die farao het gesê: "Julle moet die skilde neem en kom oorlog maak,

4julle moet die perde inspan en op die ryperde klim, julle moet gereedstaan met helms op julle koppe, julle moet die spiese skerpmaak en harnasse aantrek."

5Die Here sê: "Ek sien soldate wat skrik en vlug. Party soldate sterf, ander soldate vlug, hulle staan nie stil nie, hulle draai nie om nie, die vyande is rondom hulle.

6Die vinnige manne kan nie weghardloop nie, die soldate kan nie vry wegkom nie, hulle struikel en val by die Eufraat-rivier in die noorde."

7Wie is dit wat oor sy walle stroom soos die Nyl-rivier, soos 'n groot rivier met water wat raas?

8Dit is Egipte wat oor sy walle stroom soos 'n groot rivier met water wat raas. Egipte sê: "Ek wil oor my walle stroom, ek wil die aarde toemaak. Ek wil al die stede verwoes en die mense doodmaak wat daar woon.

9Perde, julle moet storm, oorlogkarre, julle moet wild jaag, die soldate moet uitgaan, die soldate uit die lande Kus en Put, die soldate wat elkeen 'n skild vashou, die soldate uit die land Lud, die soldate wat elkeen 'n boog vashou en styftrek."

10Maar daardie dag behoort aan die Here, die Here wat oor alles regeer, dit is die dag wanneer Hy sy vyande wil straf. Die vyande sal baie soldate doodmaak, die bloed sal vloei, want dit sal 'n offer wees in die land in die noorde, by die Eufraat-rivier, 'n offer vir die Here, die Here wat oor alles regeer.

11Egipte, jy moet na Gilead gaan en jy moet balsem gaan haal, al jou eie medisyne het nie gehelp nie, jy het nie gesond geword nie.

12Die volke op die hele aarde het gehoor toe jy die oorlog verloor en toe jy skree van die pyn, want jou soldate het oor mekaar geval en hulle het saam bly lê.

13Die profeet Jeremia het gehoor die Here praat met hom. Dit was in die tyd toe koning Nebukadnesar van Babel gekom het om oorlog te maak teen Egipte.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Die Here het gesê: “Julle moet dit gaan vertel in Egipte, julle moet dit sê vir die
mense in die stad Migdol, julle moet dit sê vir die mense in die stede Nof en
Tagpanges, julle moet sê: ‘Julle soldate moet regstaan en gereed wees, want die
vyande maak die mense oral dood.’

15En hoekom vlug julle soldate? Hulle het nie aangehou veg nie, want die Here het
hulle omgestoot.

16Hulle val oor mekaar en hulle sê: ‘Jy moet opstaan, ons moet teruggaan na ons
mense toe, na die plekke waar ons gebore is, weg van die swaarde van die vyande
wat so baie van ons doodmaak.’

17“Hulle het vir die farao, die koning van Egipte, ’n nuwe naam gegee. Die nuwe
naam was: Die man wat gespog het, maar wat nie daar was toe hy oorlog moes maak
nie.”

18Die Koning praat. Sy Naam is die Here wat oor alles regeer. Hy sê: “So seker soos Ek
lewe, die vyande wat kom, is sterk, so sterk soos Tabor-berg wat tussen die berge is,
soos Karmel-berg by die see.

19Mense van Egipte, julle moet al julle goed vasbind, die vyande sal julle vang en
wegvat. Hulle sal die stad Nof verwoes, daar sal nie meer mense woon nie.

20Egipte is soos ’n mooi jong vers-kalf, maar daar kom ’n blindevlieg uit die noorde.

21Egipte het soldate gehuur, en hulle was soos vet kalwers, maar hulle het ook
omgedraai en gevlug, nie een soldaat het bly staan nie. Die dag het gekom, en hulle
het bang geword, die tyd het gekom, die Here het hulle gestraf.

22Egipte sal vlug, soos ’n slang wat blaas en wegseil wanneer die houtkappers in die
bos kom. Die soldate van Babel kom om oorlog te maak, hulle kom soos houtkappers

23wat die bome in die groot bos van Egipte met hulle byle afkap. Want daar is meer
soldate as sprinkane, niemand kan hulle tel nie.

24Egipte sal die oorlog ver verloor, die volk uit die noorde sal hulle oorwin.”

25Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: “Ek sal nou vir Amon, die god
van No, straf. Ek sal ook die farao straf, en sy gode en sy konings, die farao en almal
wat dink hy kan hulle help.

26Ek gee hulle vir die vyande wat hulle wil doodmaak, vir koning Nebukadnesar van
Babel en vir sy soldate. Maar daarna sal die mense van Egipte weer in hulle land
woon, soos lank gelede.” Dit het die Here gesê.

Die nageslag van Jakob sal terugkom

(Ook Jer 30:11-12)

27“ En julle, my dienaars, nageslag van Jakob, julle moenie bang wees nie. Mense
van Israel, julle moenie skrik nie, want Ek sal julle red daar ver waar julle is. Ek sal

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

julle nageslag red uit die land waar hulle gevangenes is. Die nageslag van Jakob sal terugkom en hulle sal veilig wees, en daar sal niks wees wat hulle pla nie, hulle sal vir niemand bang wees nie.

28"Die Here sê: "Julle, my dienaars, nageslag van Jakob, julle moenie bang wees nie, want Ek is by julle. Ek het julle weggejaag na ander volke toe. Ek sal daardie volke laat verdwyn, maar Ek sal júlle nie laat verdwyn nie. Maar Ek sal julle straf, Ek moet dit doen, Ek kan nie sê julle is onskuldig nie."

Jeremia 47

Die Here praat oor die Filistyne

1Die profeet Jeremia het gehoor die Here praat met hom oor die Filistyne. Dit was voordat die farao die stad Gasa oorwin het.

2Die Here het gesê: "Die vyande kom uit die noorde, hulle kom soos baie water, hulle vloei soos 'n groot rivier, hulle vloei oor die land en oor alles in die land, oor die stede en oor almal wat in die stede woon. Die mense skree en vra iemand moet hulle help. Almal wat in die land woon, huil,

3want hulle hoor hoe die pote van die vyande se perde stamp, hulle hoor hoe hulle oorlogkarre se wiele raas. Pa's vlug en draai nie om nie, hulle neem nie hulle kinders saam nie, hulle is bang, hulle hande hang pap.

4Die dag het gekom, die Here verwoes al die Filistyne, Hy maak almal dood wat vir Tirus en Sidon kan help. Ja, die Here maak al die Filistyne dood, al die mense wat van die eiland Kaftor kom en wat nog lewe.

5Die mense van Gasa het hulle koppe kaal geskeer. Die vyande het die mense van Askelon stilgemaak. Mense wat oorgebly het op die kus-vlakte, hoe lank sal julle nog rou en julleself stukkend sny?

6Swaard van die Here, dit gaan sleg terwyl jy aanhou om mense dood te maak, jy moet teruggaan in jou sak, jy moet rus en stil wees.

7Maar hoe kan die swaard van die Here rus? Want dit is die Here wat die swaard gestuur het teen Askelon en die land by die see."

Jeremia 48

Die Here praat oor Moab

1Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, praat oor die land Moab. Hy sê: "Dit gaan sleg met die mense van Nebo, want die vyande het die stad verwoes. Die mense van die stad Kirjatajim weet nie wat om te doen nie, vyande het die stad oorwin en alles gevat. Die stad het sterk mure, maar die mense van die stad weet nie wat om te doen nie, hulle is baie bang.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[2]Die mense van Moab was trots op die stad, maar die vyande het dit verwoes. Die vyande het in die stad Gesbon gekom. Hulle wil die stad verwoes, hulle wil hê dat niemand later sal weet van die stad nie. Mense van die stad Madmen, die vyande sal julle ook doodmaak, hulle sal julle jaag met hulle swaarde.

[3]Die mense van die stad Goronajim skree en vra dat iemand hulle moet help, die vyande verwoes die stad en hulle breek die mure af.

[4]Die land Moab is stukkend, die mense in die kleinste dorpies skree en vra dat iemand hulle moet help,

[5]Ja, hulle loop huil-huil op na die stad Lugit, ja, hulle loop af na die stad Goronajim en hulle skree en hulle vra dat iemand hulle moet help, want die vyande het hulle dorpies verwoes.

[6]Mense van Moab, julle moet vlug, julle moet julle lewens red, julle moet word soos wildedonkies in die woestyn.

[7]Want julle het gedink die goed wat julle self gemaak het en alles wat julle het, kan julle help. Daarom sal die vyande julle wegvat, en hulle sal ook julle god Kemos wegvat, en sy priesters en sy amptenare saam met hom.

[8]By elke stad sal mense kom wat die stad verwoes, hulle sal al die stede verwoes. Die vyande sal die valleie en die Hoëveld van Moab verwoes." Die Here het dit gesê.

[9]Die mense van Moab moet vlug, ja, hulle moet gaan, dit is seker. Die stede van Moab sal leeg word, niemand sal daar woon nie.

[10]Mense wat die werk van die Here moet doen, julle moet weet dat die Here julle sal straf as julle die werk nie goed doen nie. Hy sal julle straf as julle nie die mense doodmaak wat julle moet doodmaak nie.

[11]Dit het altyd goed gegaan met die mense van Moab, niemand het hulle gepla nie, hulle was so veilig soos die fyn stof wat afsak en onder in 'n kruik oorbly wanneer iemand die wyn in 'n ander kruik gooi. Vyande het nie die mense van Moab gevang en weggevat nie. Die mense van Moab het nie verander nie, hulle is soos die wyn wat nie verander het nie, dit smaak en ruik nog dieselfde.

[12]Die Here sê: "Daarom, die tyd kom nou dat Ek mense na Moab sal stuur om sy mense weg te vat en sy stede te verwoes, soos wanneer mense wyn uitgooi en die kruike leegmaak en stukkend slaan.

[13]Die god Kemos sal nie vir Moab kan help nie. Die mense van Israel het ook gedink die god Bet-El sal vir hulle kan help, maar hy kon nie.

[14]Mense van Moab, julle sê julle is soldate en julle is gereed om te veg,

© Bible Society of South Africa.

15maar die vyande het gekom en hulle sal Moab en sy stede verwoes, hulle sal Moab
se beste jong soldate doodmaak.” Dit sê die Here, Hy is die Koning wat oor alles
regeer.

16“Die tyd kom vinnig wanneer dit sleg sal gaan met Moab, dit sal gou gebeur.

17Julle almal rondom Moab, julle wat die land ken, julle moet jammer wees vir hom
en julle moet julle koppe skud, julle moet sê: ‘Moab het oor ander volke regeer, baie
mense het hom gedien, maar Moab se septer het gebreek.’

18Mense van die stad Dibon, julle moet afklim van julle mooi stoele, julle moet op die
grond in die stof gaan sit, want die mense het gekom wat julle stad sal verwoes, hulle
het julle sterk mure afgebreek.

19Mense van die stad Aroër, julle moet langs die pad gaan staan, julle moet kyk, en
wanneer daar mense kom wat vry weggekom het en wat vlug, dan moet julle vir
hulle vra: ‘Wat het gebeur?’ ”

20Moab het die oorlog verloor, ja, hulle het bang geword. Julle moet huil en vra dat
iemand hulle moet help, julle moet vir die mense by die Arnon-rivier vertel dat die
vyande vir Moab verwoes het.

21Die Here straf die mense op die Hoëveld, die mense van Golon, Jahesa, Mefaät,

22Dibon, Nebo, Bet-Diblatajim,

23Kirjatajim, Bet-Gamul, Bet-Meon,

24Kerijot en Bosra, al die stede in die land Moab, ver en naby.

25Die Here sê: “Moab was sterk maar nou is hy swak, hy is soos ’n man met ’n af
arm.”

26Julle moet Moab dronk maak totdat hy opgooi, want hy het gedink hy is
belangriker as die Here. Die ander volke moet vir hom lag.

27Moab, dit sal met jou gebeur omdat jy vir Israel gelag het soos ’n mens lag vir ’n
dief wanneer jy hom vang. Ja, jy het oor Israel gepraat, maar nou moet jy jammer
wees vir jouself en jy moet jou kop skud vir jouself.

28Mense van Moab, julle moet weggaan uit die stede, julle moet tussen die rotse
gaan woon, julle moet word soos duiwe wat hulle neste maak in die kante van diep
gate.

29Ons het gehoor die Moabiete is hoogmoedig en trots, hulle dink hulle is belangrik
en wonderlik en beter as ander volke.

30Die Here sê: “Ek weet self hoe hoogmoedig die Moabiete is, maar hulle het niks
waaroor hulle kan spog nie, hulle moet dit nie doen nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

31Daarom sal Ek huil oor die Moabiete, Ek sal skree oor al die Moabiete en Ek sal vra
dat iemand hulle moet help, Ek sal sug oor die mense van die stad Kir-Geres.

32 Wingerde van die stad Sibma, Ek sal huil oor julle, meer as wat Ek sal huil oor die
stad Jaser. Die ranke van die wingerde gaan tot by die see, tot by Jaser. Die vyande
het gekom om die vrugte en die druiwe te verwoes.

33Niemand sing en juig nog in die tuinland, in Moab nie. Ek het die wyn laat wegraak
uit die parskuipe, niemand trap nog die druiwe en sing nie."

34Die mense van Gesbon skree en vra iemand moet hulle help, die mense kan dit
hoor in die stede Elale en Jahas, in Soar en Goronajim en Eglat-Selisija, want die
water by Nimrim is ook op.

35Die Here sê: "Ek sal die Moabiete laat sterf wat na die offer-plekke gaan en offers
bring vir hulle gode.

36Dit is hoekom ek kla oor die Moabiete, oor die mense van Kir-Geres. Ek kla soos
mense wat hartseer is en fluite blaas, want al hulle goed wat hulle gebêre het, is
weg.

37Ja, al die mense het hulle koppe kaal geskeer en hulle baarde afgeskeer, hulle het
hulle hande stukkend gesny en rouklere aangetrek,

38die mense rou op al die dakke en op die oop stukke grond, want Ek het Moab
gebreek soos 'n kleipot wat niemand wil hê nie." Dit sê die Here.

39Die Moabiete is bang, hulle huil en vlug, want hulle het verloor in die oorlog. Al die
volke rondom die Moabiete lag oor wat met hulle gebeur het, en mense skrik
wanneer hulle dit sien.

40Ja, die Here sê: "Kyk, die vyande sal afkom soos aasvoëls en hulle sal oor Moab
vlieg.

41Hulle sal die stede oorwin, ook die stede wat sterk mure het. "Die soldate van
Moab sal daardie dag so bang word soos 'n vrou wanneer haar baba gebore moet
word.

42"Die vyande sal die Moabiete doodmaak, hulle sal nie meer 'n volk wees nie, want
hulle het gedink hulle is belangriker as die Here."

43Die Here sê: "Mense van Moab, julle sal skrik en in vang-gate val, die vyande sal
julle in vangnette vang.

44Iemand wat skrik en vlug, sal in 'n vang-gat val, iemand wat uit 'n vang-gat klim, sal
in 'n vangnet vassit, want Ek sal die tyd laat kom wanneer Ek vir Moab sal straf." Dit
sê die Here.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

45Die mense wat vlug, staan in die skaduwee van die stad Gesbon, hulle het nie meer krag nie, want ’n vuur het uit Gesbon en Sihon gekom en dit het die koppe verbrand van die Moabiete wat so gespog het.

46Moabiete, dit sal sleg gaan met julle, die vyande het die volk van Kemos oorwin, want hulle seuns en hulle dogters is gevangenes, die vyande vat hulle weg.

47Maar die Here sê: “Ek sal dit later weer goed laat gaan met die Moabiete.” Dit is wat die Here gesê het oor Moab.

Jeremia 49

Die Here praat oor die Ammoniete

1Die Here praat oor die Ammoniete, Hy sê: “Die Israeliete het seuns wat hulle goed kan erf. Hoekom het die koning van die Ammoniete die Gad-stam se grond gekry? Hoekom het die Ammoniete gaan woon in die stede van Gad?”

2Die Here sê: “Omdat hulle dit gedoen het, sal Ek eendag oorlog laat kom in Rabba, die stad van die Ammoniete. Hulle sal die ramshorings blaas. Die stad Rabba sal ’n hoop klippe word, ’n hoop grond word waar niemand woon nie, en die vyande sal die stede naby Rabba verbrand. Dan sal die Israeliete die stede terugkry wat die Ammoniete gevat het.” Dit sê die Here.

3Mense van Gesbon, julle moet huil, want die vyande sal julle stad verwoes, dit sal ’n hoop klippe word. Vroue van Rabba, julle moet skree en vra dat iemand julle moet help. Julle moet rouklere aantrek, julle moet rou, julle moet heen en weer loop tussen die mure om die koringlande, want die vyande vat julle koning weg na ’n ander land, en sy priesters en sy amptenare moet saam met hom gaan.

4Mense van Gesbon, julle dink die valleie en die diep stroom water sal julle beskerm. Julle is opstandige mense, julle dink dit sal julle help as julle baie goed het, julle dink niemand sal julle kom aanval nie.

5Die Here praat, die Here wat oor alles regeer, sê: “Kyk, Ek laat julle bang word vir almal rondom julle. Vyande sal julle wegjaag na al die kante toe, julle sal vlug en nie agtertoe kyk nie, en niemand sal julle bymekaarmaak nie.

6Maar later sal Ek dit weer goed laat gaan met die Ammoniete.” Dit sê die Here.

Die Here praat oor die Edomiete

7Die Here wat oor alles regeer, praat oor die land Edom. Hy sê: “Is daar nie wysheid in die stad Teman nie? Die wyse mense weet nie wat om te doen nie. Hulle wysheid het vrot geword.

8Mense wat in Dedan woon, julle moet vlug, julle moet omdraai en diep wegkruip, want Ek sal dit sleg laat gaan met die nageslag van Esau. Die tyd het gekom wanneer Ek hulle sal straf.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Wanneer ander mense julle druiwe kom pluk, dan laat hulle party druiwetrosse oorbly. Wanneer diewe in die nag kom, dan steel hulle totdat hulle genoeg het.

10Maar Ek het self alles weggevat uit die land van Esau, Ek het die plekke oopgemaak waar hulle wou wegkruip, hulle kan hulleself nie meer wegsteek nie. Esau het nie meer ’n nageslag of broers of bure nie, en hy lewe self nie meer nie.

11Hulle kinders het nie pa’s nie, Ek sal vir hulle sorg, hulle weduwees moet weet dat Ek hulle sal help.”

12Die Here sê: “Ek sal dit doen, want mense wat minder skuldig was as julle, moes die beker drink. Dink julle Ek sal sê julle is onskuldig? Ek sal dit nie doen nie, julle sal die beker moet drink, dit is seker.

13Ja, Ek het vir Myself belowe dat mense die naam van die stad Bosra sal noem wanneer hulle ander mense wil laat skrik of hulle wil spot of vervloek. Dit sal ’n droë plek word, en al die ander stede daar naby sal altyd net hope klippe wees.”

14Die Here het die nuus vir my vertel, Hy het ’n boodskapper na die volke toe gestuur en gesê: “Julle moet bymekaarkom, julle moet oorlog kom maak teen Edom.”

15Die Here sê vir die Edomiete: “Kyk, Ek sal julle ’n klein volk laat word, kleiner as die ander volke, die mense sal dink julle is nie belangrik nie.

16Julle het julleself bedrieg, julle het gespog en julle was hoogmoedig. Julle het tussen die rotse hoog in die berge gewoon soos ’n arend wat sy nes op die hoogste plek maak. Maar Ek sal julle afbring van daar af.” Dit sê die Here.

17Die Here sê: “Niemand sal in Edom woon nie. Almal wat daar verbygaan, sal skrik en fluit wanneer hulle sien wat met die land gebeur het.

18Dit sal wees soos toe Ek Sodom en Gomorra en die ander stede daar naby verwoes het. Niemand sal daar woon nie, nie een mens sal daar wil bly nie.

19“ Dit moet julle weet, soos die diere in ’n weiveld langs ’n waterstroom vlug wanneer ’n leeu uit die bosse by die Jordaan-rivier kom, so sal Ek die Edomiete skielik laat vlug uit hulle land en Ek sal iemand kies om oor die land te regeer. Want wie is soos Ek, en wie kan doen wat Ek doen? Watter koning kan téén My wees en aanhou lewe?

20Daarom moet julle hoor wat die Here besluit het oor Edom, julle moet hoor wat Hy wil doen met die mense van die stad Teman. Die vyande sal hulle kinders wegsleep, dit is seker, hulle sal al die mense wegvat uit die woonplek van die Edomiete, dit is seker.

21Die aarde sal skud wanneer die Edomiete val, die mense by die Riet-see sal hoor hoe skree die Edomiete.

© Bible Society of South Africa.

22Soos ’n arend opvlieg en afkom en sy vlerke oopmaak, so sal die vyande na die stad
Bosra kom. “Daardie dag sal die soldate van Edom so bang wees soos ’n vrou
wanneer haar baba gebore moet word.”

Die Here praat oor die Arameërs

23Die Here praat oor Damaskus. Hy sê: “Die mense van die stede Hamat en Arpad
weet nie wat om te doen nie, want hulle het slegte nuus gekry. Hulle smelt weg,
hulle gaan heen en weer soos die branders van die see wat nie stil word nie.

24Die mense van die stad Damaskus kan niks doen nie, hulle het omgedraai en
gevlug, hulle het groot geskrik. Hulle is so bang en hulle kry so seer soos ’n vrou
wanneer haar baba gebore moet word.

25Almal het gepraat oor die stad, en al die mense daar was so vrolik, maar daardie
stad sal nou leeg word.”

26Daarom sê die Here wat oor alles regeer: “Daardie dag sal die jongmanne van
Damaskus in die strate van die stad val, en die soldate sal stil word.

27Ek sal ’n vuur aansteek teen die muur van Damaskus, en die mooi huise wat koning
Ben-Hadad gebou het, sal afbrand.”

Die Here praat oor die Oosmense

28Die Here praat oor die stad Kedar en oor die lande van Gasor. Koning
Nebukadnesar het hulle oorwin. Die Here sê: “Julle moet gereedmaak en na Kedar
gaan, julle moet die Oosmense verwoes,

29julle moet hulle tente vat en hulle skape en bokke, hulle tentdoeke en al hulle
goed. Julle moet hulle kamele wegvat en julle moet vir die mense skree en sê: Daar
kom skrik van al die kante!

30Mense van Gasor, die Here sê julle moet vlug, julle moet weghardloop, julle moet
diep wegkruip, want koning Nebukadnesar het ’n plan gemaak teen julle, hy wil iets
doen teen julle.”

31Die Here het vir Nebukadnesar gesê: “Julle moet gereedmaak en julle moet ’n volk
gaan aanval wat dink hulle is veilig. Hulle stede het nie poorte wat kan toesluit nie,
en hulle woon alleen.

32Julle kan hulle kamele vat en ook hulle baie skape en bokke. Ek sal hierdie mense
wegjaag na al die kante toe, hierdie mense wat die kante van hulle koppe kaal skeer.
En Ek sal hulle laat bang word vir almal wat daar verbyloop.” Dit sê die Here.

33Gasor sal ’n plek wees vir jakkalse, daar sal nooit weer mense woon nie, nie een
mens sal daar bly nie.

Die Here praat oor die mense van die land Elam

34Die profeet Jeremia het gehoor die Here praat oor die land Elam. Dit was kort
nadat Sedekia koning van Juda geword het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

35Die Here wat oor alles regeer, sê: “Ek sal die pyl en boog van die mense van Elam breek, Ek sal hulle beste soldate laat sterf.

36Ek sal die winde laat waai oor die Elamiete, die winde uit die ooste, die weste, die noorde en die suide. Ek sal hulle wegjaag voor al hierdie winde, Ek sal hulle wegjaag na al die kante toe, daar sal by elke volk ’n paar Elamiete wees.

37Ek sal die Elamiete laat bang word vir hulle vyande wat hulle wil doodmaak. Die Elamiete sal voel hoe brand die vuur wanneer Ek kwaad is en hulle laat swaarkry.” Dit sê die Here. Die Here sê: “Ek stuur vyande met swaarde na die Elamiete toe totdat die Elamiete almal dood is.

38Ek sal self in Elam regeer, Ek sal hulle koning en hulle amptenare almal laat sterf.” Dit sê die Here.

39Die Here sê ook: “Maar later sal Ek dit weer goed laat gaan met die Elamiete.”

Jeremia 50

Die Here praat oor Babel

1Die Here het gepraat oor Babel, oor Galdeër-land, en Hy het die profeet Jeremia gestuur om dit te sê:

2“Julle moet vir al die volke vertel, julle moet ’n vlag in die lug ophou, julle moet praat, julle moenie stilbly nie, julle moet sê: Vyande het die land Babel oorwin. Bel kan nie help nie, Marduk is bang, die afgode kan nie help nie, hulle is bang,

3want ’n volk het uit die noorde gekom en hulle het Babel oorwin. Hulle het die land leeggemaak, daar is nie mense nie, niemand woon nou daar nie, die mense en diere het gevlug.”

4Die Here sê: “Wanneer dit gebeur, in daardie tyd, dan sal die Israeliete kom, en die Judeërs sal saam met hulle kom. Hulle sal loop en huil en hulle sal hulle God die Here soek.

5Hulle sal vra waar is die pad na Sion en hulle sal na Sion gaan, hulle sal kom om by die Here te wees. Ek sal my verbond met hulle nooit breek nie, dit sal vir altyd wees, en hulle sal dit nie vergeet nie.

6My volk was soos skape wat weggeraak het, hulle herders het hulle laat wegraak en laat verdwaal op die berge. Hulle het van die een berg na die ander berg geloop en hulle het vergeet waar hulle lêplek is.

7Almal wat by die skape gekom het, het die skape geslag en geëet, en hulle vyande het gesê: ‘Die Here sal ons nie straf nie, want die Israeliete het sonde gedoen teen die Here. Die Here wou vir hulle soos ’n weiveld wees waar hulle kon rus. Hulle voorvaders het geglo dat Hy die Here is wat hulle sal help.’

© Bible Society of South Africa.

8“Julle moet vlug uit Babel, julle moet uitgaan uit Galdeër-land, julle moet wees soos die leierbokke voor die skape en bokke.

9Want kyk, Ek maak ’n groep groot volke wakker uit die land in die noorde en Ek bring hulle om Babel aan te val. Hulle kom staan reg om oorlog te maak, hulle begin by die noordekant en hulle oorwin die stad. Hulle is manne wat weet hoe om oorlog te maak, al hulle pyle skiet raak.

10Die vyande sal die Galdeërs vang en wegvat, hulle sal aanhou totdat hulle genoeg het.” Dit sê die Here.

11Die Here sê: “Galdeërs, julle wat nou die goed wegdra uit my stad, julle is nou bly en julle juig, julle spring rond soos kalwers op ’n dorsvloer, julle raas, julle runnik soos perde-hingste.

12Maar dit sal sleg gaan met julle, julle vyande sal julle verneder, julle sal die volk word wat die minste belangrik is, julle land sal ’n droë woestyn word.

13Die Here is kwaad, daar sal niemand in Babel woon nie, dit sal ’n leë stad word. Elkeen wat by Babel verbygaan, sal bang word en fluit oor alles wat met die stad gebeur het.

14Julle wat skiet met ’n pyl en boog, julle moet Babel aanval van al die kante. Julle moet skiet, julle moet al julle pyle gebruik, want Babel het sonde gedoen teen die Here.

15Julle moet skree wanneer julle die stad aanval van al die kante. Die mense van Babel hou op om te veg, die torings van Babel val om, die vyande breek die stad se mure af, want die Here straf die mense van die stad. Julle moet met die mense van Babel dieselfde doen wat hulle met julle gedoen het.

16Julle moet die mense wat koring saai, uit Babel laat verdwyn, en ook die mense wat koring afsny. Julle moet hulle doodmaak met ’n swaard wat nie ophou om dood te maak nie. Al die mense van ander lande sal na hulle eie volke en lande vlug.

17“ Israel is soos skape wat weggeraak het, leeus het hulle weggejaag na al die kante toe. Die koning van Assirië het eers die Israeliete opgevreet, en toe het koning Nebukadnesar van Babel hulle bene stukkend gekou.”

18Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: “Daarom sal Ek die koning van Babel en sy land straf soos Ek die koning van Assirië gestraf het.

19En Ek sal Israel laat terugkom na hulle land. Hulle is my skape en hulle sal wei op Karmel-berg en Basan-berg, hulle sal genoeg kry om te eet op die Efraim-berge en op die Gilead-berge.”

© Bible Society of South Africa.

20Die Here sê: “Daardie tyd sal mense vra wat Israel verkeerd gedoen het en watter
sonde Juda gedoen het. Maar hulle sal nie skuldig wees nie, want Ek sal al die
sondes vergewe van hulle mense wat nog lewe.”

21Die Here sê: “Jy moet na die land Meratajim gaan, jy moet die mense van die land
Pekod gaan aanval, jy moet hulle stede verwoes, jy moet hulle almal doodmaak. Jy
moet alles doen wat Ek vir jou sê.

22Daar kom oorlog in Galdeër-land, die vyande sal alles verwoes.

23Babel was die hamer wat die aarde geslaan het, maar die hamer is nou stukkend.
Die ander volke sal bang word wanneer hulle sien wat gebeur met Babel.

24Babel, jy het ’n vangstrik gemaak, en dit het jóú gevang, maar jy het dit nie geweet
nie. Jy sit vas, want jy wou oorlog maak teen die Here.

25Die Here het sy wapenkamer oopgemaak en Hy het sy wapens uitgehaal, want Hy
is kwaad. Die Here wat oor alles regeer, wil iets doen in Galdeër-land.

26Julle moet van oral na Babel kom, julle moet hulle koringstore oopmaak, julle moet
hulle soos hope koring opmekaar gooi, julle moet hulle almal doodmaak, nie een
moet aanhou lewe nie.

27Julle moet al hulle leiers doodmaak. Dit gaan nou sleg met hulle, want die dag het
gekom wanneer Ek hulle sal straf.

28Party mense het gevlug, en hulle het vry weggekom uit Babel. Hulle het in Sion
kom vertel hoe ons God die Here vir Babel gestraf het oor wat hulle met sy tempel
gedoen het.

29Julle moet baie soldate roep om na Babel te kom, almal wat met ’n pyl en boog
skiet. Julle moet julle tente opslaan rondom die stad, niemand moet vry wegkom nie.
Julle moet die mense van die stad straf oor alles wat hulle gedoen het, julle moet aan
hulle doen wat hulle aan julle gedoen het, want hulle was opstandig teen die Here,
teen die Heilige God van Israel.

30Daarom sal hulle jongmanne op die oop stukke grond bly lê, die vyande sal al hulle
soldate doodmaak.” Dit sê die Here.

31Die Here praat, die Here wat oor alles regeer, sê: “Luister, opstandige mense, Ek is
teen julle, want die dag het gekom wanneer Ek julle sal straf.

32Die opstandige mense sal val, en niemand sal hulle optel nie, Ek sal hulle stede aan
die brand steek, en alles sal verbrand.”

33Die Here wat oor alles regeer, sê: “Vyande het die Israeliete verdruk, hulle het ook
die Judeërs verdruk. Vyande het hulle gevang en vasgehou, en wou hulle nie laat
gaan nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34Maar die God wat hulle vrymaak, is sterk, sy Naam is die Here wat oor alles regeer.
Hy sal hulle help om teen hulle vyande te veg en Hy sal vrede bring in die land Israel,
maar Hy sal nie vrede bring vir die mense van Babel nie."

35Die Here sê: "Ek stuur mense met swaarde teen die Galdeërs, teen die mense van
Babel, teen hulle amptenare en teen hulle wyse mense.

36Ek stuur mense met swaarde teen hulle waarsêers, almal sal weet hulle is dwase.
Ek stuur mense met swaarde teen hulle soldate, hulle almal sal skrik.

37Ek stuur mense met swaarde teen hulle perde en teen hulle oorlogkarre in Babel
en teen al die soldate wat hulle gehuur het, hulle almal sal soos vroue word. Ek stuur
mense met swaarde teen hulle stoorkamers, die vyande sal alles wegvat.

38Ek stuur droogte, sodat daar nie water sal wees nie. Ek doen dit, want Babel is 'n
land vol beelde, die mense is baie lief vir afgodsbeelde.

39Daarom sal hiënas saam met woestyn-diere in Babel woon, en volstruise sal daar
rondloop. Daar sal nooit weer mense woon nie, daar sal nooit weer iemand bly nie."

40Die Here sê: "Dit sal wees soos toe Ek Sodom en Gomorra en die ander stede daar
naby verwoes het. Daar sal niemand woon nie, nie een mens sal daar wil bly nie.

41Kyk, daar kom 'n volk uit die noorde, 'n groot volk, daar kom baie konings van oral
op die aarde.

42Elkeen het 'n pyl en boog en 'n spies, hulle is wreed, hulle is vir niemand jammer
nie. Wanneer hulle skree, dan raas dit soos die see. Hulle ry op perde, en hulle is
gereed om oorlog te maak teen julle, mense van Babel.

43Wanneer die koning van Babel hoor dat sy vyande kom, dan word sy hande pap, hy
word bang, hy kry seer soos 'n vrou wat 'n baba kry.

44" Dit moet julle weet, soos die diere in 'n weiveld langs 'n waterstroom vlug
wanneer 'n leeu uit die bosse by die Jordaan-rivier kom, so sal Ek die Edomiete
skielik laat vlug uit hulle land en Ek sal iemand kies om oor die land te regeer. Want
wie is soos Ek, en wie kan doen wat Ek doen? Watter koning kan téén My wees en
aanhou lewe?

45Daarom moet julle hoor wat die Here besluit het oor Babel, julle moet hoor wat Hy
wil doen met die mense van Galdeër-land. Die vyande sal hulle kinders wegsleep, dit
is seker, hulle sal al die mense wegvat uit die woonplek van die Galdeërs, dit is seker.

46Die aarde sal skud wanneer Babel val, die volke sal hoor hoe skree die mense van
Babel."

Jeremia 51

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[1]Die Here sê: “Kyk, Ek laat ’n wind waai teen Babel en teen die mense van Galdeër-
land. Die wind sal alles verwoes.

[2]Ek stuur vyande wat die mense van Babel sal wegvat soos die wind kaf wegwaai.
Hulle sal die land leegmaak, want hulle sal van al die kante kom op die dag wanneer
die oorlog begin.

[3]Die boogskutters van Babel moenie tyd kry om hulle pyle te skiet en hulle harnasse
aan te trek nie. Die vyande moenie jammer wees vir die jongmanne van Babel nie,
hulle moet al die soldate doodmaak.

[4]Hulle moet mense doodmaak in Galdeër-land, die dooie mense moet in die strate
lê,

[5]want Israel en Juda is nie soos weduwees nie, weduwees wat niemand het om hulle
te beskerm nie. Israel en Juda het ’n God. Hy is die Here wat oor alles regeer. Die
mense van Galdeër-land het baie verkeerde dinge gedoen, maar die Heilige God van
Israel is by Israel en Juda.

[6]Julle moet vlug uit Babel, elkeen moet sy eie lewe red. Julle moenie daar bly
wanneer die Here hulle straf oor hulle sonde nie, want dit is nou die tyd dat die Here
hulle wil straf oor wat hulle gedoen het.

[7]Babel was ’n goue beker in die hand van die Here en die wyn in die beker het al die
mense op die aarde dronk laat word. Die mense het van die wyn gedrink, en hulle
het mal geword.

[8]En toe het Babel skielik geval en gebreek. Julle moet huil oor die mense van die
stad, julle moet balsem bring vir die pyn, miskien word hulle gesond.”

[9]Hulle sê: “Ons het vir die mense van Babel medisyne gegee, maar hulle het nie
gesond geword nie.” Julle moet uitgaan uit die stad, elkeen moet na sy land gaan,
want God sal Babel oordeel, Babel se straf is groot, dit raak tot aan die hemel, dit is
so hoog soos die wolke.

[10]Die Here het ons gered. Ons moet in Sion gaan vertel wat ons God die Here gedoen
het.

[11]Julle moet die pyle skerpmaak en genoeg pyle saamneem. Die Here het die konings
van Medië wakker gemaak, want Hy wil Babel verwoes, Hy wil hulle straf omdat hulle
sy tempel afgebreek het.

[12]Julle moet die vlag in die lug ophou by die muur van Babel, julle moet wagte
rondom die stad laat staan, julle moet soldate laat wegkruip rondom die stad, want
die Here het besluit en Hy sál doen wat Hy gesê het met die mense van Babel.

[13]Babel, jy het by baie water gewoon en jy was ryk, maar jou einde het gekom, die
vyande sal jou verwoes.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Die Here wat oor alles regeer, het besluit, en Hy is self die getuie. Hy sê: “Ek sal baie soldate in jou laat kom, so baie soos sprinkane, en hulle sal skree en jou oorwin.”

15Die Here het die aarde en die hemel gemaak. Hy het dit gedoen met sy krag en sy wysheid.

16Wanneer Hy praat, dan raas die water in die hemel. Hy bring die wolke van ver oor die aarde, Hy laat die weerlig slaan en die wind waai.

17Maar mense wat beelde maak en wat hulle dien, is dom, daardie mense weet niks. Die beelde kan niks vir hulle doen nie, daar is nie lewe in die beelde nie.

18Hulle is soos wind wat wegraak, mense lag vir hulle. Wanneer die Here hulle straf, dan sal hulle verdwyn.

19Maar die God van Jakob is nie soos die beelde nie, want Hy het alles gemaak. Die Israeliete is sy eie volk. Sy Naam is die Here wat oor alles regeer.

20Die Here sê: “Babel, jy was my hamer, my wapen, Ek het teen volke oorlog gemaak met jou. Ek het volke stukkend geslaan met jou en Ek het lande verwoes,

21Ek het perde stukkend geslaan met jou en ook die soldate wat op die perde ry, Ek het oorlogkarre stukkend geslaan met jou en ook die soldate op die waens.

22Ek het mans en vroue stukkend geslaan met jou, ook oumense en kinders, jongmans en meisies.

23Ek het skaapwagters en skape stukkend geslaan met jou, ook boere en trekdiere, Ek het goewerneurs en regeerders stukkend geslaan met jou.

24Maar Ek sal Babel en al die mense van Galdeër-land straf oor al die slegte dinge wat hulle in Sion gedoen het, julle het dit gesien.” Dit sê die Here.

25Die Here sê: “Babel, jy was die berg wat die hele aarde verwoes het, maar hier is Ek, en Ek is téén jou. Ek steek my hand uit teen jou en Ek stoot jou van die rotse af en Ek maak jou soos ’n berg wat verbrand is.

26Mense sal nie by jou klippe kom vat om weer ’n muur te bou nie, daar sal nooit weer mense in jou woon nie.” Dit sê die Here.

27Julle moet ’n vlag in die lug ophou oor die aarde, julle moet die ramshoring blaas vir die volke. Julle moet vir die ander volke sê hulle moet gereedmaak om oorlog te maak teen Babel, julle moet die mense van die lande Ararat, Minni en Askenas roep. Julle moet ’n offisier kies en aanstel om al die planne vir die oorlog te maak. Julle moet perde bymekaarmaak, so baie soos sprinkane.

© Bible Society of South Africa.

28Julle moet vir hierdie mense sê hulle moet gereedmaak om oorlog te maak teen
Babel: die konings van die Mediërs, die goewerneurs, al die regeerders, en al die
mense in die lande waaroor hulle regeer.

29Die land Babel skud en bewe, want die dinge wat die Here besluit het, sal gebeur.
Hy het besluit dat Babel ’n leë plek sal word, ’n plek waar nie mense woon nie.

30Die soldate van Babel het opgehou veg, hulle bly agter die mure, hulle het swak
geword, hulle is soos vroue. Die vyande het die huise van die stad aan die brand
gesteek en hulle het die poorte oopgebreek.

31Mense hardloop almal, al die boodskappers bring vir die koning die nuus dat die
vyande die stad oorwin het en heeltemal gevat het.

32Hulle het die vyande by die driwwe oorwin en hulle het die riete aan die brand
gesteek. Die soldate van Babel is te bang om iets te doen.

33Die Here wat oor alles regeer, die God van Israel, sê: “Ja, Babel is soos ’n dorsvloer,
die mense is gereed om die koring te trap. Oor ’n kort tydjie sal die vyande so op
hulle trap.”

34Koning Nebukadnesar was soos ’n monster. Hy het ons ingesluk en opgevreet, daar
het niks van ons oorgebly nie. Hy het ons ingesluk, hy het sy maag vol geëet, hy het
ons leeggedrink en weggestoot.

35Die mense van Sion sê: “Die Here moet die mense van Babel straf oor die dinge
wat hulle aan ons gedoen het. Hulle het ons seergemaak, hulle het ons bloed laat
vloei.”

36Daarom sê die Here: “Kyk, Ek sal die mense straf oor wie julle kla, Ek sal Babel se
baie water laat droog word, ook sy fontein sal droog word.

37Babel sal ’n hoop klippe word, ’n plek waar jakkalse bly. Mense sal bang word en
fluit oor Babel, daar sal niemand woon nie.

38Die mense van Babel sal brul soos leeus,

39en wanneer hulle baie honger is, dan sal Ek hulle laat eet en drink. Ek sal hulle
dronk maak sodat hulle vrolik word, en hulle sal aan die slaap raak en nooit weer
wakker word nie.” Dit sê die Here.

40Die Here sê: “Ek sal hulle soos ramme na die slagplek bring, soos skaap-ramme en
bok-ramme.”

41Almal op die aarde het gepraat oor Babel, maar vyande het die stad oorwin en
gevat. Al die volke het geskrik oor wat met Babel gebeur het.

42Die water het oor Babel gestroom, die branders het geraas en dit het bo-oor die
stad gevloei.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

43Die vyande het die stede van Babel verwoes, die land is ’n droë woestyn, daar
woon niemand nie, en nie een mens gaan daar verby nie.

44Ek sal vir Bel straf in Babel, Ek sal alles wat hy ingesluk het, uit sy mond ruk. Volke
sal nie meer na Babel gaan nie. Babel se muur sal omval.

45My volk, julle moet uitkom. Elkeen moet sy eie lewe red, want die Here is kwaad
en Hy wil die mense in Babel straf.

46Hy sal dit doen, want Hy wil hê julle moenie bang wees elke maal wanneer julle
hoor dat die regeerders oorlog maak teen mekaar nie.

47Dit moet julle weet, die tyd sal kom wanneer Ek die gode van Babel sal straf. Almal
in die land sal dan besef dat hulle niks beteken nie wanneer die dooie mense oral in
die land lê.

48Almal in die hemel en op die aarde sal sing oor Babel, want die mense wat die stad
sal verwoes, kom uit die noorde.

49Die vyande moet Babel verwoes, want Babel het baie mense van Israel laat sterf,
ook mense van die hele aarde.

50Julle wat vry weggekom het en nie gesterf het nie, julle moet gaan, julle moenie
wag nie. Julle is ver van hier in ’n ander land, maar julle moet dink aan die Here, julle
moet Jerusalem onthou.

51Ons vyande het ons verneder, hulle het ons gespot, ons is skaam, want vreemde
mense het ingekom in die gewyde plekke van die tempel.

52Die Here sê: “Dit moet julle weet, die tyd sal kom wanneer Ek die gode van Babel
sal straf en in die hele land sal die mense wat seergekry het in die oorlog, huil en kla.

53Babel kan probeer opklim tot in die hemel, hulle kan probeer om baie sterk te
wees, maar Ek sal mense laat kom wat die stad sal verwoes.”

54Die mense hoor hoe skree die mense van Babel, en hulle vra dat iemand hulle
moet help, want dit gaan baie sleg in Galdeër-land.

55Die Here is besig om Babel te verwoes, Hy wil hulle groot geraas laat ophou. Die
vyande kom soos branders teen die stad, branders wat raas en dreun.

56Ja, daar kom vyande oor Babel, hulle verwoes alles. Hulle vang die soldate van
Babel en breek hulle pyle en boë, want die Here is ’n God wat straf, en Hy sal straf,
dit is seker.

57Die Koning praat, sy Naam is die Here wat oor alles regeer. Hy sê: “Ek sal die mense
van Babel dronk maak, hulle amptenare, hulle wyse mense, hulle goewerneurs, hulle
regeerders en hulle soldate, en hulle sal vir altyd aan die slaap raak.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

58Die Here wat oor alles regeer, sê: “Die vyande sal die breë muur van Babel heeltemal afbreek en hulle sal sy poorte verbrand. Baie mense het daar baie hard gewerk, maar dit het niks gehelp nie, alles wat hulle gebou het, sal verbrand.”

Seraja moet die boek waarin die Here oor Babel praat, in die Eufraat-rivier gooi

59Seraja seun van Nerija seun van Magseja het saam met koning Sedekia van Juda na Babel gegaan. Dit was in die vierde jaar nadat Sedekia koning geword het. Seraja moes sorg dat die koning slaapplek het langs die pad. Die profeet Jeremia het vir Seraja gesê wat hy moet doen wanneer hy in Babel kom.

60Jeremia het al die slegte dinge wat met Babel sal gebeur, in ’n boek geskryf, alles wat hier oor Babel geskryf is.

61Jeremia het vir Seraja gesê: “Wanneer jy in Babel kom, dan moet jy na die stad kyk en jy moet al hierdie woorde lees,

62en dan moet jy sê: ‘Here, U het gesê U wil hierdie plek verwoes sodat niemand hier sal woon nie, nie ’n mens of ’n dier nie. U het ook gesê dat die stad altyd leeg sal wees.’

63“En wanneer jy hierdie boek klaar gelees het, dan moet jy ’n klip vasmaak aan die boek en jy moet dit in die Eufraat-rivier gooi.

64Jy moet sê: ‘So sal Babel wegsink en nie weer opkom nie, omdat die Here dit sleg sal laat gaan met die stad. Mense het daar baie hard gewerk, maar dit het niks gehelp nie.’ ” Dit is die laaste woorde wat Jeremia gesê het.

Jeremia 52

Die Galdeërs oorwin Jerusalem

(Kyk ook Jer 39:1-14; 2 Kon 24:20-25:21)

1Sedekia was 21 jaar oud toe hy koning geword het, en hy het 11 jaar in Jerusalem regeer. Sy ma was Gamutal dogter van Jeremia, van die stad Libna.

2Sedekia het dinge gedoen waarvan die Here nie hou nie. Hy het gedoen soos Jojakim gedoen het.

3Daarom het die Here kwaad geword vir Jerusalem en vir Juda en Hy het hulle weggestoot van Hom. Sedekia het opstandig geword teen die koning van Babel,

4en koning Nebukadnesar van Babel het oorlog kom maak teen Jerusalem, hy en sy soldate. Dit was in die negende jaar nadat Sedekia koning geword het, op die tiende dag van die tiende maand. Die soldate van Babel het tente opgeslaan en ’n grondwal gebou rondom die stad.

5Hulle het rondom die stad gebly tot in die elfde jaar nadat Sedekia koning geword het.

© Bible Society of South Africa.

6In die vierde maand van daardie jaar, op die negende dag van die maand, was die
mense in die stad baie honger. Daar was nie meer kos vir die mense van die land nie.

7Die soldate van Babel het die muur van die stad gebreek en in die stad gekom. Al
die soldate van Jerusalem het gevlug. Hulle het in die nag uit die stad gegaan deur
die poort tussen die twee mure by die koning se tuin, en toe het hulle verder gegaan
na die Jordaan-vallei. Die Galdeërs was rondom die stad,

8en die soldate van die Galdeërs het vir koning Sedekia gevolg en gejaag. Hulle het
hom gekry op die gelyk grond by Jerigo. Al sy soldate het weggehardloop van hom.

9Die Galdeërs het vir koning Sedekia gevang en hulle het hom geneem na die koning
van Babel in die stad Ribla, in die land Hamat. Daar het die koning van Babel besluit
hoe hy vir Sedekia wil straf.

10Hy het Sedekia se seuns en ook die amptenare van Juda laat doodmaak in Ribla.
Sedekia moes kyk terwyl hulle dit gedoen het.

11Toe het die koning Sedekia se oë laat uitsteek en hy het Sedekia met kettings laat
vasbind. Daarna het die koning van Babel vir Sedekia na Babel laat bring en hy het
Sedekia daar in die tronk gehou totdat hy gesterf het.

12Nebusaradan, die hoof-offisier van die koning van Babel, het gekom in die vyfde
maand, op die tiende dag van die maand, in die negentiende jaar nadat
Nebukadnesar koning van Babel geword het. Hy het in Jerusalem kom doen wat die
koning van Babel vir hom gesê het.

13Nebusaradan het die tempel afgebrand en ook die paleis en al die groot huise in
Jerusalem.

14Al die soldate van die Galdeërs wat by die hoof-offisier was, het die mure rondom
Jerusalem alles afgebreek.

15Die hoof-offisier Nebusaradan het party van die arm mense weggevat en ook die
mense wat nog in die stad was. Hy het ook die mense gevang en weggevat wat self
besluit het om na die koning van Babel toe te gaan. Hulle was die mense wat
oorgebly het van al die baie mense in die stad.

16Maar Nebusaradan het party van die armste mense van die land daar laat bly om in
die wingerde en op die koringlande te werk.

17Die Galdeërs het die brons-pilare en die waentjies en die groot waterbak wat by
die tempel was, stukkend geslaan en hulle het al die brons weggevat na Babel.

18Hulle het ook die potte, die grawe en die messe, die bakke en al die goed van brons
gevat. Dit was die goed wat die priesters by die tempel gebruik het.

19Die hoof-offisier het ook die bekers, die emmers, die bakke, die potte en die lampe
gevat, alles wat van goud en silwer was.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Die twee pilare en die groot waterbak en die twaalf beeste onder die waterbak, en die waentjies wat koning Salomo vir die tempel laat maak het, was so swaar dat ’n mens dit nie kon weeg nie. Al hierdie goed was van brons.

21Elke pilaar was 18 el hoog en twaalf el rondom. Hulle was hol, en die brons was vier vingers dik.

22Bo-op elke pilaar was ’n kopstuk van brons, dit was vyf el hoog. Daar was granate van brons rondom elke kopstuk.

23Daar was 100 granate, maar ’n mens kon net 96 sien.

24Die hoof-offisier het die hoëpriester Seraja gevang en ook die tweede priester en die drie drumpelwagte.

25Hy het ook uit die stad een offisier gevat wat die hoof was van die soldate, en sewe van die koning se raadgewers wat in die stad was, en die sekretaris van die hoof van die leër wat die mense van die land moes roep om oorlog te maak, en ook 60 van die belangrike mense van die land wat in die stad was.

26Die hoof-offisier Nebusaradan het hulle gebring na die koning van Babel in Ribla.

27Die koning van Babel het hulle laat doodmaak in Ribla, in die land Hamat. Hy het ander Judeërs laat wegvat uit hulle land en hy het hulle na Babel gestuur.

28Nebukadnesar het baie mense laat vang en laat wegvat: 3 023 Judeërs in die sewende jaar,

29832 mense uit Jerusalem in die agtiende jaar nadat Nebukadnesar koning geword het,

30en in die drie-en-twintigste jaar nadat Nebukadnesar koning geword het, het die hoof-offisier Nebusaradan 745 Judeërs weggevat. Dit was almal saam 4 600 mense.

Koning Jojagin se laaste jare

(Kyk ook 2 Kon 25:27-30)

31Koning Ewil-Merodak het besluit om goed te wees vir koning Jojagin. Dit was in die sewe-en-dertigste jaar nadat koning Jojagin van Juda ’n gevangene geword het in Babel, in die eerste jaar nadat Ewil-Merodak koning van Babel geword het, in die twaalfde maand, op die vyf-en-twintigste dag van die maand. Koning Ewil-Merodak het toe vir koning Jojagin uit die tronk laat kom.

32Ewil-Merodak het vriendelik gepraat met Jojagin en hy het hom laat sit op ’n belangriker plek as die ander konings wat by hom in Babel was.

33Jojagin kon sy tronk-klere uittrek en hy kon by die koning van Babel se tafel eet totdat hy gesterf het.

34Hy het elke dag kos en klere van die koning gekry, soveel soos hy nodig gehad het totdat hy gesterf het.

© Bible Society of South Africa.

Klaagliedere

Klaagliedere 1

Jerusalem is soos ’n weduwee wat aanhou huil

1 Hoekom het dit gebeur? Kyk hoe leeg is die stad, die stad waar baie mense gewoon
het. Die stad het geword soos ’n weduwee. Die mense van die wêreld het almal
gedink dit is ’n groot en belangrike stad. Maar die mense van die stad moet nou vir
ander volke werk.

2 Hulle huil die hele nag lank, hulle trane vloei oor hulle wange. Daar is niemand wat
die stad nou wil help nie, nie een van almal wat lief was vir haar nie. Haar vriende
het ontrou geword, hulle het haar vyande geword.

3 Die mense van Juda het gevangenes geword wat swaarkry en hard moet werk.
Hulle woon tussen die volke en hulle kry nie ’n plek waar hulle kan rus nie. Al die
vyande wat vir hulle gejaag het, het vir hulle gevang, hulle kon nie vlug nie.

4 Daar is niemand op die paaie na Sion nie, niemand kom om daar fees te vier nie,
daar is nie mense in die poorte nie. Die priesters kla en sug, die jongmeisies huil en
treur, dit gaan sleg met almal in die stad.

5 Die vyande van Jerusalem regeer nou, en dit gaan goed met hulle. Dit gebeur omdat
die Here die mense van die stad straf oor hulle baie sondes. Hulle moes weggaan,
hulle het gevangenes geword, hulle vyande het hulle gejaag.

6 Al die belangrike mense van die stad moes weggaan. Die amptenare het geword
soos takbokke wat nie gras kry om te vreet nie. Hulle het nie krag gehad om te veg
teen die mense wat hulle jaag nie.

7 Jerusalem is soos ’n weduwee wat dink hoe sleg dit met haar gaan. Sy dink daaraan
dat sy nie meer ’n woonplek het nie, en sy onthou al die mooi goed wat sy gehad
het. En dan dink sy hoe die vyande haar mense oorwin het, en dat daar niemand was
wat gehelp het nie. Ander vyande het gestaan en kyk, hulle het gelag toe die
stad verwoes is.

8 Die mense van Jerusalem het sonde gedoen, baie sonde. Dit is hoekom die stad
geword het soos ’n vuil, kaal vrou. Mense het haar voorheen gerespekteer, maar
hulle spot en verneder haar nou, want hulle sien sy is kaal. En wat doen sy? Sy sug
en draai weg.

9 Haar klere het onrein geword, sy het nie gedink aan wat met haar kan gebeur nie.
Niemand het geglo dat dit so sleg met haar sal gaan nie. Niemand het haar gehelp
nie. Jerusalem het geskree: “Here, kyk hoe sleg gaan dit met my, want die vyande
doen wat hulle wil.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Hulle het al my mooi goed vir hulleself gevat. Ek het gesien heidene kom in die tempel. Maar, Here, U het gesê heidene mag nie in u gemeente kom nie.

11Al die mense van die stad het gekla en gesug terwyl hulle loop en kos soek. Hulle het kosbare goed gegee om kos te kry, want hulle was honger." Jerusalem skree: "Here, U moet kyk en sien hoe hulle my verneder.

12Julle almal wat hier op die pad verbygaan, wil julle my nie help nie? Julle moet kyk of daar ander stede is met wie dit so sleg gaan soos die Here dit met my laat gaan. Het die Here met ander stede gedoen soos Hy met my gedoen het toe Hy vir my kwaad geword het?

13Hy het vuur van bo gestuur in my liggaam in, en dit het in my gebrand. Hy het 'n vangnet neergesit om my voete te vang. Hy het my op my rug laat val, en my alleen gelos en my siek laat word, elke dag.

14Die Here het my sondes bymekaargesit. Hy het dit gevat en Hy het daarvan 'n juk gemaak, Hy het dit op my nek gesit. Ek het nie meer krag gehad nie. Die Here het my vyande laat wen teen my, ek kon niks doen teen hulle nie.

15Die Here het al my sterk manne verneder, almal wat kon veg. Die vyande het dit geniet om my manne te oorwin. Die Here het op die volk Juda getrap soos 'n mens druiwe trap in 'n parskuip.

16Ek huil oor hierdie dinge, daarom vloei die trane soos water uit my oë, want daar was niemand naby wat my kon help nie, niemand wat dit met my beter kon laat gaan nie. My mense is verwoes, want die vyande was te sterk vir hulle."

17Sion steek haar hande uit en vra iemand moet help, maar niemand help haar nie. Die Here het van al die kante vyande na Jakob toe gestuur. Jerusalem was soos 'n vuil stuk lap tussen hulle.

18Jerusalem het geskree: "Die Here het reg gedoen, want ek was opstandig teen Hom. Volke, julle almal moet luister, julle moet kyk hoe sleg gaan dit met my. My jongmeisies en my jongmanne moes weggaan, hulle is gevangenes.

19Ek het die mense geroep wat lief was vir my, maar hulle het my verraai. My priesters en my leiers het gesterf terwyl hulle kos in die stad gesoek het, want hulle was honger.

20Here, U moet kyk, want ek kry baie swaar. Dit pyn binne-in my, my hart kan nie rus nie, want ek was baie opstandig teen U. My mense sterf in die oorlog op die strate, en in die huise sterf die mense.

21Al my vyande het gehoor hoe ek kla en sug, niemand het my gehelp nie. Toe my vyande hoor dit gaan sleg met my, het hulle gejuig omdat dit U was wat dit met my gedoen het. U het gesê dit sal eendag gebeur en U moet dit nóú laat gebeur, U moet my vyande straf soos U my gestraf het.

© Bible Society of South Africa.

22U moet die slegte dinge onthou wat hulle gedoen het, en U moet met hulle doen soos U met my gedoen het omdat ek opstandig was teen U. Want ek kan nie ophou kla en sug nie, my hart het swak geword."

Klaagliedere **2**

Jerusalem, wat kan ek sê om jou te troos?

1Hoekom het dit gebeur? Die Here was kwaad en Hy het dit donker laat word oor Sion. Israel was trots op die stad, maar die Here het die stad uit die hemel neergegooi op die aarde. Hy het nie aan sy tempel gedink op daardie dag toe Hy kwaad geword het nie.

2Die Here was nie jammer vir hulle nie, Hy het al die woonplekke in Jakob verwoes. Hy het die stede van Juda afgebreek, die stede wat sterk mure gehad het. Hy het die koning en sy amptenare hard laat val en Hy het hulle verneder.

3Hy was baie kwaad, Hy het almal laat sterf wat sterk was in die volk Israel. Hy het hulle nie gehelp teen die vyande nie. Dit was soos 'n vuur wat alles verbrand het.

4Die Here het soos 'n vyand sy boog se snaar styfgetrek en Hy het gereedgestaan. Hy het almal wat mooi was, met sy sterk arm doodgemaak in die woonplekke van Sion. Hy was kwaad, en dit het gebrand soos vuur.

5Die Here was soos 'n vyand, Hy het Israel verwoes, Hy het al die mooi huise verwoes, Hy het al die sterk mure afgebreek, Hy het baie mense in Juda laat huil en rou.

6Hy het sy tempel, sy woonplek, plat getrap soos mense 'n tuin plat trap. Hy het die plek verwoes waar Hy aan sy volk verskyn het. Hy het mense laat vergeet dat die mense van Sion feeste en Sabbatdae gevier het. Hy was kwaad, Hy het die koning en die priesters verneder.

7Die Here wou nie meer sy eie altaar hê nie, en ook nie sy tempel nie. Hy het die mure van die stad se mooi huise vir die vyande gegee om af te breek. Hulle het in die tempel gaan staan en skree soos mense op 'n feesdag gedoen het.

8Die Here het besluit om die mure van Sion af te breek. Hy het die mure gemeet en Hy het nie opgehou om dit af te breek nie. Hy het torings en mure laat omval en Hy het dit saam op die grond laat lê.

9Die poorte van die stad het omgeval, want die Here het die sluitbalke van die poorte stukkend gebreek. Die koning en die amptenare van die stad is by ander volke. Daar is nie meer priesters wat vir die mense kan sê wat die Here wil hê nie. Die Here wys ook nie meer vir die profete wat hulle moet sê nie.

10Die leiers van Sion sit op die grond, hulle praat nie, hulle het stof op hulle koppe gegooi en hulle het rouklere aangetrek. Die jongmeisies van Jerusalem buig hulle koppe laag, tot naby die grond.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Ek is moeg, want ek het baie gehuil, alles pyn binne-in my. Dit voel of my lewer op die grond wil val, want die Here het my volk stukkend gebreek. Kinders en babas het flou geval op die oop stukke grond in die stad.

12Hulle vra vir hulle ma's: "Waar kan ons brood en wyn kry?" Maar dan val hulle flou soos dooie mense op die oop stukke grond in die stad, of hulle sterf terwyl hulle teen hulle ma's se borste lê.

13Jerusalem, wat kan ek sê om jou te troos? Sion, wie kry so swaar soos jy? Hoe kan ek dit vir jou makliker maak? Jou swaarkry is so groot soos die see, wie kan dit beter laat gaan met jou?

14Jou profete het gesê die Here het vir hulle dinge gewys, maar hulle het gelieg, hulle het jou bedrieg. Hulle het nie oor jou sonde gepraat sodat jy kon verander en lewe soos God wil hê en sodat dit dan met jou beter kon gaan nie. Hulle het gesê die Here het vir hulle dinge gesê, maar dit was leuens, hulle het jou bedrieg.

15Almal wat op die pad verbykom, spot en klap hulle hande oor jou. Hulle fluit en hulle wys dat hulle bly is oor wat gebeur het met Jerusalem. Hulle vra: "Is dít die stad wat vir die mense die mooiste van al die stede was? Is dít die stad waaroor al die mense in die wêreld bly was?"

16Al jou vyande spog oor wat hulle met jou gedoen het, hulle fluit, hulle byt hard op hulle tande. Hulle sê: "Ons het Jerusalem verwoes, ons het gewag vir hierdie dag, en die dag het gekom, ons het dit gesien."

17Die Here het gedoen wat Hy wou doen, Hy het laat gebeur wat Hy lank gelede gesê het. Hy het die stad afgebreek, Hy was nie jammer nie. Hy het jou vyande bly gemaak oor wat met jou gebeur het, Hy het hulle sterk gemaak.

18Jerusalem, jou mure het geskree en gevra dat die Here hulle moet help. Jou trane moet vloei soos 'n rivier, elke dag en nag. Jy moenie rus nie, jy moenie ophou huil nie.

19Jy moet opstaan, jy moet aanhou roep in die nag. Wanneer elke wagbeurt begin, dan moet jy vir die Here sê hoe jy voel. Jy moet jou hande uitsteek na Hom toe en jy moet bid dat Hy jou kinders moet laat lewe, jou kinders wat op al die hoeke van die strate flou word omdat hulle honger is.

20Here, U moet kyk, U moet sien aan wie U dit gedoen het. Wil U hê vroue moet hulle eie kinders eet? Moet die vyande die priesters en die profete vermoor in die tempel?

21Seuns en ou manne lê saam dood op die strate. My jongmeisies en my jongmanne het gesterf in die oorlog. U het hulle laat sterf toe U kwaad was, U het hulle doodgemaak, U was nie jammer vir hulle nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22U het die vyande van al die kante geroep, U het hulle geroep soos U mense roep
om te kom feesvier. Toe die dag van die Here kom, het niemand vry weggekom en
weggehardloop nie. My vyande het almal doodgemaak wat hier gebore is en wat hier
grootgeword het.

Klaagliedere 3

Die Here los mense nie vir altyd nie

1Dit is met mý wat dit sleg gegaan het, want die Here was kwaad en Hy het my
gestraf.

2Ek het gevoel Hy jaag my en Hy bring my in ’n donker plek waar daar nie lig is nie.

3Dit is net vir my wat Hy aanhou slaan, elke dag.

4Hy het my vleis en my vel heeltemal droog laat word en Hy het die bene in my
liggaam gebreek.

5Hy het ’n muur om my gebou, Hy het my lewe bitter gemaak, Hy het my laat
swaarkry.

6Hy het my laat woon in die donker, soos mense wat lank gelede dood is.

7Hy het ’n muur rondom my gebou sodat ek nie kan uitkom nie. Hy het my vasgebind
met swaar kettings.

8Hy wil nie hoor wat ek bid nie, Hy luister ook nie wanneer ek skree en bid en vra dat
Hy my moet help nie.

9Hy het my pad toegebou met klippe, Hy het my op ’n ander pad laat loop.

10Hy is soos ’n beer wat lê en wag om my te vang, soos ’n leeu wat stilletjies na my
toe kruip.

11Hy het my uit die pad gesleep, Hy het my liggaam stukkend geskeur en my daar
laat lê.

12Hy het sy pyl geneem en Hy het sy boog se snaar styfgetrek want Hy wou my skiet.

13Hy het sy pyle in my lewer ingeskiet.

14Al my mense lag vir my, hulle sing oor my en spot vir my, die hele dag lank.

15Hy het my lewe baie moeilik en bitter gemaak, dit was soos wanneer ek wilde-als
geëet het.

16Hy het my klippies laat kou, sodat my tande gebreek het. Hy het my plat getrap op
’n ashoop.

17Daar is niks vrede in my lewe nie, ek weet nie meer hoe dit voel wanneer dit goed
gaan nie.

© Bible Society of South Africa.

18 En ek sê: Ek twyfel oor alles, ek hoop nie meer dat die Here my sal my help nie.

19 Here, U moet onthou dat ek swaarkry, en dat ek nêrens ’n plek het waar ek kan
woon nie. Wanneer ek daaraan dink, dan is dit vir my soos wilde-als en gif.

20 Wanneer ek daaraan dink en dink, dan word ek moedeloos.

21 Een ding weet ek, en dit is seker, en daarom sal ek aanhou hoop:

22 Die Here doen altyd wat Hy belowe het, Hy is altyd jammer vir mense wat
swaarkry.

23 Here, U doen dit elke nuwe oggend, U bly altyd dieselfde.

24 Ek sê: Die Here is alles wat ek het, daarom sal ek aanhou hoop.

25 Die Here is goed vir mense wat glo dat Hy hulle sal help, vir mense wat naby Hom
wil wees.

26 Dit is goed om stil te bly en te glo dat die Here jou sal red.

27 Dit is goed wanneer iemand ’n juk moes dra toe hy jonk was,

28 wanneer hy alleen moes sit en moes stilbly omdat die Here die juk op hom gesit
het.

29 Dit is goed wanneer iemand met sy gesig op die grond moet lê. Miskien kan hy
hoop dat iets goed sal gebeur.

30 Dit is goed wanneer iemand sy wang draai na die persoon toe wat hom wil klap, dit
is goed wanneer hy aanhou toelaat dat mense hom spot.

31 Want die Here los mense nie vir altyd nie.

32 Hy laat mense swaarkry, maar Hy word weer jammer vir hulle, Hy doen altyd wat
Hy belowe het.

33 Ja, die Here doen dit nie graag met mense nie, Hy laat hulle nie graag swaarkry nie.

34 Die Here sien wanneer mense slegte dinge doen aan die gevangenes in die land,

35 die Hoogste God sien wanneer mense nie reg doen aan ander mense nie,

36 die Here sien wanneer mense sê onskuldige mense is skuldig.

37 Niemand kan sê dat iets moet gebeur nie, dit is die Here wat sê dat dit moet
gebeur.

38 Wanneer die Hoogste God dit sê, dan gebeur daar dinge, goed of sleg.

39 Hoekom kla ’n mens wat lewe? ’n Mens wat lewe, moenie kla nie. Nee, hy moet sy
sonde oorwin.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

40Ons moet goed kyk hoe ons lewe, ons moet baie goed dink daaroor, en ons moet terugkom na die Here toe.

41Ons moet dink aan God, ons moet ons hande uitsteek, ons moet bid tot God in die hemel.

42Ons het sonde gedoen, ons was opstandig teen U, en U het ons nie vergewe nie.

43U was kwaad, U het ons gejaag, U was nie jammer vir ons nie, U het ons doodgemaak.

44U het Uself toegemaak met ’n wolk, sodat ons gebede nie by U kon kom nie.

45U het die ander volke laat dink dat ons niks beteken nie en dat ons stink.

46Al ons vyande is bly oor wat met ons gebeur het.

47Ons het bang geword, dit voel of ons in ’n gat geval het. Ons is alleen en ons is stukkend.

48Die trane vloei uit my oë soos waterstrome, ek huil omdat my volk stukkend is.

49My trane sal aanhou vloei, dit sal nie ophou nie.

50Ek sal aanhou huil totdat die Here uit die hemel afkyk en sien wat gebeur.

51Wanneer ek sien wat gebeur met al die vroue in my stad, dan word ek baie hartseer.

52Ek het niks verkeerd gedoen nie, maar my vyande het my gejag soos ’n mens voëls jag.

53Hulle het my lewendig in ’n put gegooi en hulle het klippe op my gegooi.

54Die water het oor my kop gespoel, ek het gedink ek sal nie uitkom nie.

55Here, ek het daar onder in die put geskree en gevra U moet my help.

56U het gehoor toe ek gebid het en gesê het: “U moenie u ore toehou wanneer ek skree en vra dat U my moet red nie!”

57Die dag toe ek geskree het, het U nader gekom en U het gesê: “Jy moenie bang wees nie.”

58Here, U het vir my geveg teen die mense wat my beskuldig het. U het my lewe gered.

59Here, U het gesien dat mense verkeerde dinge aan my gedoen het. U moet oordeel, U moet sê dat ek nie verkeerd gedoen het nie.

60U het alles gesien wat hulle met my wou doen. U weet van hulle planne teen my.

61Here, U het gehoor hoe hulle my spot, U weet van al hulle planne teen my.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

62U weet hoe my vyande teen my praat, hulle fluister die hele dag oor my.

63U moet hoor, hulle sing en spot my. Hulle doen dit wanneer hulle sit en wanneer hulle staan.

64Here, U moet dieselfde doen met hulle soos hulle met my doen. U moet hulle straf oor wat hulle doen.

65U moet hulle verstand deurmekaar maak, U moet hulle vervloek.

66U moet kwaad bly vir hulle, U moet hulle jaag en U moet hulle doodmaak. Daar moet niks van hulle oorbly onder die hemel van die Here nie.

Klaagliedere **4**

Ons einde het gekom

1Hoekom het dit gebeur? Die goud blink nie meer nie, dit het dof geword. Die goeie goud het verander. Mense het die gewyde edelstene op die hoeke van die strate weggegooi.

2Die goeie mense van Sion was soos goud, hulle was baie spesiaal, maar nou beteken hulle so min soos die kleipotte wat die pottebakker met sy hande maak.

3Jakkalse laat hulle kleintjies drink, maar my volk is so wreed soos volstruise in die woestyn.

4Die babatjies is baie dors, hulle tonge sit vas bo in hulle monde. Hulle vra kos, maar daar is niemand wat vir hulle iets gee nie.

5Mense wat lekker kos geëet het, sterf nou eensaam op die strate. Mense wat koningsklere gedra het, sit nou op die ashope.

6My volk het meer sonde gedoen as die mense van die stad Sodom. Die Here het Sodom baie vinnig verwoes, en niemand het sy hand uitgesteek om hulle te help nie.

7Die leiers in Jerusalem was skoner as sneeu, witter as melk, hulle liggame was rooier as koraal, hulle was so mooi soos saffier.

8Maar nou is hulle swarter as roet, niemand ken hulle wanneer hulle op die strate loop nie. Hulle is baie maer, hulle is so droog soos hout.

9Dit het beter gegaan met mense wat gesterf het in die oorlog, beter as met die mense wat sterf van honger. Die mense het stadig gesterf omdat hulle niks koring afgesny het om te eet nie.

10Vroue wat voorheen jammer was vir hulle kinders, het nou hulle kinders gekook en geëet. Kinders het kos geword toe die vyande my volk oorwin het.

11Die Here was kwaad, Hy het nie opgehou om hulle te straf nie. Hy het ’n vuur aangesteek in Jerusalem, en die hele stad het verbrand.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Die konings van die aarde, al die mense in die wêreld, het gedink dat vyande nooit deur die poorte van Jerusalem sou kon kom nie.

13Maar dit het gebeur. Hoekom? Dit het gebeur oor die sonde van die profete, oor die verkeerde dinge wat die priesters gedoen het. Hulle het onskuldige mense laat sterf in die stad.

14Mense het soos blindes rondgeloop op die strate. Hulle was vol bloed, niemand wou aan hulle klere raak nie.

15Ander mense het vir hulle geskree: “Gaan weg, julle is onrein! Gaan weg! Gaan weg! Julle moenie aan ons raak nie!” Hulle het toe weggegaan en hulle wou tussen ander volke gaan woon, maar daardie volke het gesê: “Julle mag nie vreemdelinge hier by ons wees nie.”

16Dit was die Here self wat hulle na al die kante toe gejaag het. Hy wou hulle nie meer sien nie. Hy wou nie met die priesters praat nie, Hy wou nie jammer wees vir die leiers nie.

17Ons het aangehou kyk of iemand ons sal kom help, maar niemand het gekom nie. Ons het gewag en gewag, maar nie een volk het ons kom help nie.

18Die vyande het ons spore gevolg soos jagters, ons kon nie kom op die oop stukke grond in die stad nie. Ons dood was naby, ons lewe was verby, ja, ons einde het gekom.

19Ons vyande was vinniger as die arende in die lug. Hulle het ons gejaag op die berge, hulle het vir ons gewag in die woestyn.

20Die gesalfde van die Here, die man wat vir ons so belangrik was soos die asem in ons neus, het ’n gevangene geword in die tronk van die vyande. Ons het voorheen van daardie man gesê: “Hy sal ons beskerm wanneer ons tussen die heidene moet woon.”

21Mense van Edom, julle moet dit geniet. Julle wat in die land Us woon, julle moet wys julle is bly, maar die beker van swaarkry sal na julle toe ook kom. Julle sal dronk word en julle sal julle kaal uittrek.

22Mense van Sion, die Here het julle klaar gestraf, dit is nou verby, die Here sal julle nie gevangenes laat bly nie. Maar, mense van Edom, vir júlle sal die Here nóú straf, Hy sal julle sondes vir almal wys.

Klaagliedere 5

Here, U moet vir ons nuwe lewe gee

1Here, U moet dink aan wat met ons gebeur het, U moet kyk en sien hoe die mense ons spot.

© Bible Society of South Africa.

2Vreemde mense het ons land gevat, mense uit ander lande woon in ons huise.

3Ons het geword soos weeskinders wat nie ’n pa het nie, ons is soos kinders wie se ma ’n weduwee is.

4Wanneer ons water wil hê, dan moet ons dit koop, ons moet betaal vir die hout wat ons gebruik.

5Die mense wat ons jaag, het jukke op ons nekke gesit. Ons is moeg, ons kan nooit rus nie.

6Ons het ons hande uitgesteek en gesoebat by die Egiptenaars en die Assiriërs om genoeg kos te kry.

7Dit was ons voorvaders wat sonde gedoen het. Maar hulle is almal dood, en nou is dit óns wat moet swaarkry oor wat húlle verkeerd gedoen het.

8Die mense wat oor ons regeer, was ook slawe, en daar is niemand wat ons vrymaak van hulle nie.

9Wanneer ons kos soek in die woestyn, dan wag hulle daar om ons dood te maak.

10Ons is so honger dat ons siek is en koors het, ons vel is so warm soos ’n oond.

11Die mense wat oor ons regeer, het ons vroue en ons jongmeisies verkrag in Sion en in die stede van Juda.

12Die mense wat oor ons regeer, het ons amptenare opgehang aan hulle hande, hulle respekteer nie ons leiers nie.

13Ons jongmanne moet koring maal en ons seuns moet hout dra wat te swaar is vir hulle.

14Ons leiers sit nie meer in die poort nie, ons jongmanne speel nie meer musiek nie.

15Ons voel nooit bly nie, ons het opgehou om te dans, ons huil en treur.

16Ons voel nie meer soos konings nie. Dit gaan sleg met ons, want ons het sonde gedoen.

17Dit is hoekom ons hartseer is, dit is hoekom ons oë dof geword het.

18Ons is hartseer oor Sionsberg, niemand woon nou daar nie, jakkalse loop nou daar rond.

19U, Here, U regeer vir altyd, U regeer oor elke geslag.

20Hoekom hou U aan om ons te vergeet? Hoekom los U ons vir altyd?

21Here, U moet ons laat terugkom na U toe, sodat ons kan verander en kan lewe soos U wil hê. U moet vir ons nuwe lewe gee, soos lank gelede.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Of het U ons heeltemal gelos? Is U so baie kwaad vir ons?

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Esegiël

Esegiël 1

Esegiël sien die lig wat om die Koning, die Here, is

1 Ek was tussen die Judeërs by die Kebar-kanaal in die land Babel. Die hemel het
oopgegaan, en God het vir my dinge gewys. Dit was in die 30ste jaar, op die vyfde
dag van die vierde maand.

2 Dit was in die vyfde jaar nadat die Babiloniërs vir koning Jojagin gevang het en hom
weggevat het na die land Babel. Op die vyfde dag van die maand

3 het ek, die priester Esegiël, seun van Busi, duidelik gehoor die Here praat met my.
Dit was in Galdeër-land, by die Kebar-kanaal. Ek het gevoel die Here sit sy hand op
my.

4 Ek het gekyk en ek het gesien daar kom ’n stormwind uit die noorde. Daar was ’n
groot wolk, en rondom die wolk het vuur gebrand en die vuur het helder geskyn.
Daar was iets in die vuur wat geblink het en wat soos metaal geskyn het.

5 Vier diere het uit die blink metaal gekom, en dit is hoe hulle gelyk het: Hulle was
soos mense,

6 maar elkeen het vier gesigte en vier vlerke gehad.

7 Hulle bene was reguit en hulle voete was soos brons wat iemand blink gevryf het.
Hulle voete het gelyk soos ’n bees se pote.

8 Onder elkeen se vier vlerke, langs die vier kante, was hande, dit het gelyk soos ’n
mens se hande. Die vier diere het almal gesigte en vlerke gehad.

9 Elke dier se vlerke het geraak aan die vlerke van die dier langs hom. Hulle het nie
weggedraai wanneer hulle beweeg het nie. Elke dier het reguit vorentoe beweeg.

10 Elke dier het vier gesigte gehad. Voor was die gesig van ’n mens, regs was die gesig
van ’n leeu, links was die gesig van ’n bul en agter was die gesig van ’n arend.

11 Elke dier se boonste vlerke was oop en dit het geraak aan die vlerke van die twee
diere links en regs langs hom. Met die ander twee vlerke het elke dier sy lyf
toegemaak.

12 Elke dier het reguit vorentoe beweeg. Hulle het gegaan waar die Gees wou hê
hulle moet gaan. Hulle het nie weggedraai wanneer hulle beweeg het nie.

13 Die vier diere het gelyk soos kole vuur, en hulle het ook gelyk soos die fakkels wat
heen en weer tussen hulle gaan. Die vuur het helder geskyn, en daar het weerlig uit
die vuur gekom.

14 Die diere het vinnig heen en weer gegaan soos weerlig.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15 En terwyl ek so na hulle kyk, sien ek ’n wiel op die grond langs elkeen van die vier
diere.

16 Dit het gelyk of die wiele van chrisoliet gemaak was. Die wiele was almal dieselfde,
en in elke wiel was daar nog ’n wiel, daardie wiel was dwars.

17 Die wiele kon na enige kant toe beweeg, maar wanneer hulle beweeg het, dan kon
hulle nie wegdraai nie.

18 Die buitenste rande van die wiele was groot. Ek het geskrik vir hulle, want daar was
oral oë rondom die rande van die vier wiele.

19 Wanneer die diere beweeg, dan het die wiele langs hulle ook beweeg, en wanneer
die diere in die lug opgaan, dan het die wiele ook opgegaan.

20 Hulle het gegaan waar die Gees wou hê hulle moet wees, en die wiele het saam in
die lug opgegaan, want die gees van die diere was in die wiele.

21 Wanneer die diere beweeg, dan het die wiele ook beweeg. Wanneer die diere
stilstaan, dan het die wiele ook stilgestaan. Wanneer die diere in die lug opgaan, dan
het die wiele ook opgegaan, want die gees van die diere was in die wiele.

22 Bokant die diere was ’n hemeldak. Die hemeldak het gelyk soos ys. Ek het bang
geword toe ek dit sien. Die hemeldak was bokant hulle koppe en dit was hard en
styf.

23 Onder die hemeldak was die diere. Die boonste vlerke van elke dier was oop, en
elke vlerk het geraak aan die vlerk van die dier langs hom. Met die ander twee vlerke
het elke dier sy lyf toegemaak.

24 Ek het gehoor hoe raas die vlerke van die diere. Dit was soos wanneer baie water
raas, soos wanneer die Almagtige praat, soos wanneer baie mense bymekaar is, soos
wanneer soldate raas. Wanneer die diere gaan staan het, dan het hulle die vlerke
laat sak.

25 Iemand het gepraat bokant die hemeldak, bokant die diere se koppe. Wanneer die
diere gaan staan het, dan het hulle hulle vlerke laat sak.

26 Bokant die hemeldak wat bokant die diere se koppe was, was daar iets wat gelyk
het soos saffierklip. Dit het gelyk soos ’n troon, en hoog bo-op die troon was daar
iets wat gelyk het soos ’n mens.

27 Iets het gelyk soos sy heupe, en bokant die heupe het dit vir my gelyk soos blink
metaal, soos vuur, en om die vuur was ’n rand. Onderkant die heupe het dit vir my
gelyk soos vuur, en om die vuur was lig.

28 Die lig om die vuur was soos die reënboog op ’n reëndag. Dit was die lig wat om die
Koning, die Here, is. Toe ek dit sien, het ek gaan lê met my gesig teen die grond. Ek
het Iemand gehoor praat.

© Bible Society of South Africa.

Esegiël 2

Die Here stuur vir Esegiël

1Die Persoon het vir my gesê: “Mens, staan regop, Ek wil met jou praat.”

2Terwyl Hy praat, het die Gees in my gekom en my regop laat staan. Ek het gehoor die Persoon praat met my.

3Hy het vir my gesê: “Mens, Ek stuur jou na die Israeliete toe. Hulle is ’n opstandige volk wat ongehoorsaam is aan My. Hulle en hulle voorvaders wou nie luister na My nie, tot vandag toe.

4Hulle is hardkoppige mense en hulle wil nie luister nie. Ek stuur jou na hulle toe, en jy moet vir hulle sê wat Ek, die Here, sê.

5En húlle, hulle moet weet dat daar ’n profeet tussen hulle is. Hulle moet dit weet as hulle luister en hulle moet dit ook weet as hulle nie luister nie. Want hulle is ’n opstandige volk.

6En jy, mens, jy moenie bang wees vir hulle nie. Jy moenie bang wees vir wat hulle sê nie, ook wanneer hulle hardkoppig is en dit vir jou voel of jy op dorings en skerpioene sit. Jy moenie bang wees vir wat hulle sê nie en jy moenie skrik vir hulle nie, want hulle is ’n opstandige volk.

7Hulle is hardkoppig, maar jy moet vir hulle sê wat Ek sê, as hulle luister en ook as hulle nie luister nie.

8En jy, mens, jy moet luister na wat Ek vir jou sê, jy moenie opstandig wees soos hierdie opstandige volk nie. Maak oop jou mond en eet wat Ek vir jou gee.”

9En toe ek kyk, sien ek Hy het sy hand uitgesteek na my toe, en in sy hand sien ek ’n boekrol.

10Hy het dit oopgerol voor my, en op die boekrol was daar iets geskryf, voor en agter. Dit was die woorde wat mense gebruik wanneer hulle wil huil en treur en bid en kla.

Esegiël 3

1Die Here het vir my gesê: “Mens, jy moet eet wat Ek vir jou gee, jy moet hierdie boekrol eet en dan moet jy gaan praat met die volk Israel.”

2Ek het my mond oopgemaak en ek het daardie boekrol geëet.

3Hy het vir my gesê: “Mens, Ek gee hierdie boekrol vir jou. Jy moet dit eet totdat jou maag vol is.” En toe ek dit eet, het dit so soet soos heuning gesmaak.

4Hy het vir my gesê: “Mens, jy moet loop en vir die volk Israel gaan sê wat Ek vir hulle sê.

© Bible Society of South Africa.

5Want die volk Israel praat ’n taal wat nie moeilik is om te verstaan nie. Ek stuur jou
na hulle toe.

6Ek stuur jou ook nie na baie ander volke toe wat tale praat wat moeilik is om te
verstaan nie. As Ek jou na hulle toe gestuur het, dan het hulle geluister na jou.

7Maar die volk Israel sal nie luister na jou nie, want hulle wil ook nie luister na Mý
nie. Ja, die hele volk Israel is hardkoppig, hulle wil nie luister nie.

8Maar jy moet dit weet, Ek het vir jou ook so hardkoppig gemaak soos hulle, Ek het
jou kop ook so hard gemaak soos hulle koppe.

9Ek het jou kop so hard gemaak soos ’n diamant, dit is harder as vuurklip. Jy moenie
vir hulle bang wees en vir hulle skrik nie, want hulle is ’n opstandige volk.”

10Daarna het die Here vir my gesê: “Mens, jy moet goed luister en jy moet onthou
wat Ek vir jou sê.

11Jy moet na die Judeërs toe gaan wat in Babel is, na jou mense toe, en jy moet met
hulle praat en vir hulle sê wat Ek, die Here, sê. Jy moet dit doen, as hulle luister en
ook as hulle nie luister nie.”

12Die Gees het my opgetel, en toe hoor ek agter my ’n groot aardbewing en ’n
persoon wat sê: “Almal moet die Koning prys wanneer Hy uit die hemel kom!”

13Ek het ook gehoor hoe skuur die diere se vlerke teen mekaar en hoe rol die wiele
langs hulle. Dit was soos ’n groot aardbewing.

14Die Gees het my opgetel en Hy het my saamgeneem. Ek het gegaan, maar ek was
kwaad en ontsteld. Ek het gevoel die Here sit sy hand hard op my.

15Ek het by die Judeërs in Tel-Abib gekom, hulle het langs die Kebar-kanaal gewoon.
Ek het sewe dae lank daar tussen hulle gesit. Ek was so hartseer en ontsteld dat ek
niks kon sê nie.

16En toe, ná die sewe dae, het ek gehoor die Here sê vir my:

17“Mens, Ek het jou gekies om ’n wag te wees vir die volk Israel. Wanneer Ek vir jou
sê jy moet dit doen, dan moet jy vir hulle sê Ek waarsku hulle.

18Ek sal vir die mens wat verkeerd doen, sê dat hy sal sterf, dit is seker. Wanneer Ek
dit sê, dan moet jy hom waarsku. Jy moet praat en jy moet hom waarsku teen sy
verkeerde lewe sodat hy kan aanhou lewe. As jy dit nie doen nie, dan sal daardie
mens wat verkeerd doen, sterf omdat hy verkeerd gedoen het, maar Ek sal vir jóú
straf omdat hy moes sterf.

19En jy? Wanneer jy die mens wat verkeerd doen, gewaarsku het, maar hy verander
nie sy lewe nie en hy hou nie op om verkeerd te doen nie, dan sal hy sterf omdat hy
verkeerd gedoen het. Maar dan het jy jou eie lewe gered.

© Bible Society of South Africa.

20En wanneer iemand wat reg gelewe het, ophou om reg te doen en hy doen verkeerd, en Ek laat hom val en hy doen sonde, dan moet jy hom waarsku. As jy hom nie gewaarsku het nie, dan sal hy sterf omdat hy sonde gedoen het, en Ek sal nie dink aan die dinge wat hy reg gedoen het nie. Maar Ek sal jóú straf omdat hy moes sterf.

21En jy? Wanneer jy die mens wat reg gelewe het, gewaarsku het om nie sonde te doen nie, en hy doen nie sonde nie, dan sal hy aanhou lewe, dit is seker. Hy sal aanhou lewe, want jy het hom gewaarsku en hy het geluister. En jy het dan jou eie lewe gered."

22Ek het toe daar gevoel die Here sit sy hand op my. Hy het vir my gesê: "Jy moet gereedmaak en na die vallei gaan. Ek sal daar met jou praat."

23Ek het gereedgemaak en na die vallei gegaan, en daar sien ek toe weer die lig wat om die Koning, die Here, is. Dit was soos ek dit gesien het langs die Kebar-kanaal. Ek het op my gesig geval.

24En toe kom die Gees in my en Hy laat my op my voete staan en Hy sê vir my: "Gaan sluit jouself toe in jou huis.

25En jy, mens, luister na wat Ek sê: Die mense sal jou vasbind met toue sodat jy nie by hulle kan kom nie.

26Ek laat ook jou tong vassit bo in jou mond sodat jy nie kan praat nie en nie met hulle kan raas nie, want hulle is 'n opstandige volk.

27Maar wanneer Ek met jou praat, dan sal Ek jou mond weer oopmaak, en dan moet jy vir hulle sê wat Ek, die Here, sê. Die mense wat wil luister, sal luister, en die mense wat nie wil luister nie, sal nie luister nie, want hulle is 'n opstandige volk."

Esegiël 4

Vyande sal Jerusalem aanval van al die kante

1Die Here het vir my gesê: "Maar jy, mens, jy moet 'n baksteen neem en jy moet dit voor jou neersit, en jy moet 'n stad op die baksteen teken, die stad Jerusalem.

2Dan moet jy alles doen wat vyande doen wanneer hulle 'n stad aanval: Jy moet 'n grondwal bou om die stad en jy moet grond gooi teen die muur van die stad. Jy moet tente opslaan en stormramme maak rondom die stad.

3Maar jy moet 'n ysterplaat neem en jy moet dit neersit tussen jou en die stad. Dit moet 'n ystermuur wees. Jy moet na die stad kyk en jy moet maak of jy die stad van al die kante aanval.

4Jy moet eers op jou linker-sy lê en jy moet die straf dra vir die sonde van die volk Israel. Jy moet die straf dra so lank soos jy op jou linker-sy lê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Ek het besluit jy moet 390 dae lank op jou linker-sy lê en jy moet die straf dra, een dag vir elke jaar van die straf van die volk Israel.

6En wanneer jy dit klaar gedoen het, dan moet jy weer lê, op jou regter-sy, en jy moet 40 dae lank die straf van die volk Juda dra. Ek het besluit jy moet die straf dra, een dag vir elke jaar.

7Jy moet jou gesig draai na Jerusalem, die stad wat vyande rondom het. Jy moet jou moue oprol en jy moet ’n profeet wees en ’n boodskap bring teen die stad.

8Kyk, Ek bind jou vas met toue sodat jy nie van die een sy op die ander sy kan draai nie. Wanneer jy klaar die stad van al die kante aangeval het, dan kan jy omdraai.

9En jy moet koring en gars en boontjies en lensies en sorghum en spelt neem. Jy moet dit saam in ’n bak sit en vir jou kos maak. Jy moet dit eet so lank soos jy op jou sy lê, 390 dae lank.

10Jy moet elke dag 20 sikkels van die kos eet. Jy moet ’n bietjie eet, en later moet jy weer ’n bietjie eet.

11En jy moet meet hoeveel water jy moet drink. Dit moet een sesde hin wees. Jy moet ’n bietjie drink, en later moet jy weer ’n bietjie drink.

12Jy moet broodjies bak om te eet, soos garsbroodjies, en jy moet dit bak op droë mensmis. Almal moet sien dat jy dit doen.”

13Die Here het ook gesê: “Die Israeliete sal hulle kos ook so moet eet tussen die ander volke. Ek sal hulle daarnatoe jaag. Hulle kos sal onrein wees.”

14Toe sê ek: “Ag, Here, my Here, ek het nooit vleis geëet van diere wat gevrek het of wanneer roofdiere hulle doodgemaak het nie, nooit, vandat ek jonk was tot vandag toe. Ek het ook nie offer-vleis geëet wat begin sleg word het nie. Ek het nie onrein geword nie.”

15Die Here het toe vir my gesê: “Goed, dan mag jy jou kos gaarmaak op beesmiskoeke, nie op droë mensmis nie.”

16Daarna het die Here vir my gesê: “Mens, Ek sal nou die kos en water in Jerusalem laat opraak. Hulle sal hulle kos moet weeg en hulle sal baie bang wees, hulle sal hulle water moet meet en hulle sal baie bekommerd wees.

17Hulle sal nie genoeg kos en water hê nie, hulle sal vir mekaar kyk en baie bang wees. Hulle sal stadig sterf omdat hulle sonde gedoen het.”

Esegiël 5

Die Here sal Jerusalem verwoes

© Bible Society of South Africa.

[1]“En jy, mens, jy moet ’n skerp swaard neem en jy moet dit soos ’n skeermes gebruik. Jy moet jou hare en jou baard afskeer, en dan moet jy dit weeg en in drie dele deel.

[2]Jy moet een derde van die hare in die stad verbrand wanneer die vyande die stad oorwin, die stad wat jy op die baksteen geteken het. Dan moet jy een derde van die hare neem en jy moet dit met die swaard in klein stukkies kap en dit rondom die stad gooi. Daarna moet jy een derde van die hare in die wind gooi sodat dit wegwaai. Ek sal self die mense van die stad volg en jaag met my swaard.

[3]Dan moet jy ’n bietjie van die baard en die hare neem en jy moet dit toebind in jou bo-kleed.

[4]En jy moet ’n klein bietjie van hierdie baard en hare neem en in die vuur gooi en dit verbrand. ’n Vuur sal daar begin brand en dit sal gaan na die hele volk Israel.”

[5]Die Here, Hy wat Here is, sê: “Hier is Jerusalem. Ek het die stad tussen die volke gesit. Daar is lande rondom die stad.

[6]Maar die mense van die stad was opstandig teen My. Hulle het nie gedoen wat Ek wou hê en wat Ek gesê het nie, hulle het meer verkeerd gedoen as die ander volke en die mense van die lande wat rondom die stad is. Hulle het gedink die dinge wat Ek wil hê, is nie belangrik nie, en hulle het nie gelewe soos Ek gesê het nie.”

[7]Die Here, Hy wat Here is, sê: “Julle het slegter dinge gedoen as die volke wat rondom julle is, julle het nie gelewe soos Ek gesê het nie en julle het nie gedoen wat Ek wil hê nie. Julle het slegter gelewe as die volke rondom julle.

[8]Daarom sê Ek, die Here: Julle moet dit weet, Ek is nou julle vyand, ja, Ek self. Ek wil regter wees in die stad en Ek wil julle oordeel waar die ander volke dit kan sien.

[9]Ek wil iets met julle doen wat Ek nog nie voorheen gedoen het nie en wat Ek nie weer sal doen nie. Ek wil dit doen omdat julle so baie slegte dinge gedoen het.

[10]Daarom, pa’s sal hulle kinders eet in die stad, en kinders sal hulle pa’s eet. Ek sal die mense in die stad straf wat skuldig is en Ek sal die mense wat dan nog lewe, na al die kante toe jaag.”

[11]Die Here, Hy wat Here is, sê: “So seker soos Ek lewe, Ek sal julle minder maak, Ek sal julle nie vergewe nie en Ek sal nie jammer wees vir julle nie, want julle het my tempel onrein gemaak omdat julle daar baie lelike dinge gedoen het, baie slegte dinge.

[12]Een derde van julle sal in die stad sterf van pes of van honger, een derde sal rondom die stad sterf in die oorlog, en Ek sal een derde na al die kante toe jaag, Ek sal hulle self met my swaard jaag.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Ek sal alles aan hulle doen wat Ek wil doen, Ek sal dit doen omdat Ek kwaad is vir hulle. Hulle sal weet dit is Ek, die Here, wat gepraat het. Ek is baie kwaad en Ek sal hulle straf.

14Ek sal Jerusalem verwoes, sodat dit net ’n hoop klippe is. Die volke wat rondom die stad woon, sal spot met die stad. Elkeen wat daar verbykom, sal dit hoor.

15Wanneer Ek besluit om die mense van Jerusalem te straf omdat Ek kwaad is vir hulle, baie kwaad, dan sal die volke wat rondom hulle woon, hulle spot en beledig. Die volke sal skrik oor wat Ek met Jerusalem doen

16wanneer Ek my pyle wat doodmaak na hulle toe skiet. Die pyle is die hongersnood wat hulle sal laat sterf. Ek sal hulle meer en meer honger laat word en Ek sal hulle kos laat opraak sodat hulle sterf.

17Ek stuur honger en wilde diere na julle toe. Hulle sal julle kinders doodmaak. Daar sal pes in die stad kom, en baie mense sal in oorlog sterf. Ek bring vyande na julle toe om julle dood te maak. Ek, die Here, het gepraat.”

Esegiël 6

Die Here sal oorlog bring in die land

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet jou gesig na die berge van Israel draai en jy moet vir hulle sê wat Ek sê.

3Jy moet sê: Berge van Israel, julle moet luister na wat die Here sê, Hy wat Here is. Die Here, Hy wat Here is, sê vir die berge en die heuwels en die riviere en die valleie: Ek sal nou oorlog bring na julle toe en Ek sal julle offer-plekke verwoes.

4Die vyande sal julle altare afbreek en hulle sal julle wierook-altare stukkend slaan. Ek sal julle mense wat in die oorlog sterf, laat val voor julle afgode.

5Ek sal die lyke van die Israeliete voor hulle afgode gooi en Ek sal hulle bene oral rondom hulle altare laat lê.

6Die stede sal hope klippe word, oral waar julle woon. Die vyande sal die offer-plekke verwoes, hulle sal julle altare afbreek en verwoes. Hulle sal julle afgode stukkend slaan sodat niks oorbly nie. Hulle sal julle wierook-altare stukkend kap en alles wegvee wat julle gemaak het.

7Die liggame van die mense wat in die oorlog gesterf het, sal tussen julle lê. Dan sal julle weet dat Ek die Here is.

8Maar julle sal nie almal in die oorlog sterf nie. Party van julle sal vry wegkom en hulle sal tussen die ander volke gaan woon. Ek sal hulle na daardie lande laat gaan.

© Bible Society of South Africa.

9Die mense wat vry wegkom, sal aan My dink wanneer hulle gevangenes is tussen die ander volke. Hulle sal onthou hoe hulle My hartseer gemaak het toe hulle ontrou was en toe hulle van My weggegaan het na hulle afgode toe. Hulle sal naar word vir hulleself oor die slegte dinge wat hulle gedoen het, al die lelike dinge wat Ek haat.

10Dan sal hulle weet dat Ek die Here is. Ek het gesê dat Ek hierdie slegte dinge met hulle sal laat gebeur, en Ek het nie net gepraat nie, Ek sal dit ook doen."

11Die Here, Hy wat Here is, sê: "Jy moet jou hande teen mekaar slaan, jy moet jou voete stamp, jy moet kla oor die slegte, lelike dinge wat die volk Israel gedoen het. Hulle sal sterf in oorlog, hulle sal sterf van honger en van pes.

12Die mense wat ver is, sal sterf van pes, die mense wat naby is, sal sterf in oorlog. Die mense wat oorbly en wat nog lewe, sal sterf van honger. Ek is baie kwaad, Ek sal nie ophou om hulle te straf nie.

13Julle sal weet dat Ek die Here is wanneer julle sien die mense lê tussen hulle afgode rondom hulle altare, die mense wat in die oorlog gesterf het. Dit sal gebeur op elke hoë heuwel, bo-op die berge, onder elke groen boom, elke groot boom met baie takke, elke plek waar hulle vir al hulle afgode ge-offer het.

14Ek sal my hand uitsteek en hulle straf en Ek sal die land 'n plek maak waar niemand woon nie. Almal sal skrik vir die land, van die woestyn tot by die stad Ribla, oral waar hulle woon. Dan sal hulle weet dat Ek die Here is."

Esegiël 7

Die einde kom

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2"En jy, mens, jy moet luister na wat Ek sê oor die land Israel. Ek, die Here wat Here is, sê: "Die einde kom, die einde van die hele land.

3Die einde is nou hier vir julle almal in die land, want Ek is baie kwaad vir julle. Ek sal julle straf oor die dinge wat julle gedoen het, Ek haat die dinge wat julle gedoen het, Ek sal julle straf.

4Ek sal julle nie vergewe nie en Ek sal nie jammer wees vir julle nie. Ja, Ek sal julle straf oor wat julle gedoen het, oor die dinge wat Ek haat, en julle sal weet dat Ek die Here is."

5Die Here, Hy wat Here is, sê: "Dit sal sleg gaan, baie sleg. Dit sal nou gebeur.

6Dit is die einde wat kom. Die einde kom! Dit begin nou kom oor julle! Kyk, dit is klaar hier!

© Bible Society of South Africa.

7Die slegste dinge sal gebeur met julle wat in die land woon, die tyd het gekom, die dag is naby! Niemand op die berge sal weet wat om te doen nie, en niemand sal skree omdat hy bly is nie.

8Ek is baie kwaad vir julle en Ek sal julle nou straf. Ek sal julle straf oor wat julle gedoen het, oor die slegte dinge wat julle gedoen het, dinge wat Ek haat.

9Ek sal julle nie vergewe nie en Ek sal nie jammer wees vir julle nie. Ek sal julle straf oor wat julle gedoen het, oor die dinge wat Ek haat, julle sal weet dit is Ek, die Here, wat julle straf.

10Die dag is hier, dit het gekom. Die slegste dinge sal gebeur. Die mense wat regeer, word nog meer wreed, hulle is hoogmoedig.

11Hulle het slegte dinge gedoen aan mense en hulle het sleg regeer. Hulle het gesê niemand mag kla oor hulle nie. Daar sal niks oorbly van hulle almal nie, niks van alles wat hulle gesê het nie.

12Die tyd het gekom, die dag is hier. Mense wat koop, moenie bly wees nie, en mense wat verkoop, moenie jammer wees nie, want die Here sal hulle almal straf.

13Want die mense wat verkoop het, sal nie die goed terugkry wat hulle verkoop het nie, ook nie as hulle en die mense wat gekoop het, nog almal lewe nie. Ek het vir die profeet gewys wat met hulle almal sal gebeur, en dit sál gebeur. Hulle het verkeerd gedoen en hulle sal nie aanhou lewe nie.

14Hulle het die ramshoring geblaas en alles gereedgemaak, maar niemand sal oorlog kan maak nie, want Ek is kwaad en Ek sal hulle straf.

15Buite sal daar oorlog wees, in die huise sal daar pes en honger wees. Mense wat in die veld is, sal sterf in die oorlog. Mense wat in die stad is, sal sterf van die pes en van honger.

16Die mense wat na die berge vlug en vry wegkom, sal almal sit en kla soos die duiwe in die valleie, elkeen sal kla oor wat hy verkeerd gedoen het.

17Hulle hande sal slap hang, niemand sal iets kan doen nie, hulle water sal teen hulle knieë afloop, want hulle sal baie bang wees.

18Hulle sal rouklere aantrek en hulle koppe kaal skeer, hulle sal so bang wees dat hulle niks kan doen nie.

19Hulle sal hulle silwer weggooi op die paaie, hulle goud sal vir hulle niks beteken nie, hulle silwer en hulle goud sal hulle nie kan red wanneer die Here kwaad is en vir hulle straf nie. Hulle sal dit nie kan eet sodat hulle nie meer honger is nie. Dit is die silwer en die goud wat hulle sonde laat doen het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Hulle het hoogmoedig geword oor die tempel wat so mooi was, en hulle het beelde daarin gesit, lelike beelde wat Ek haat. Daarom sê Ek die tempel is onrein.

21Ek sal die tempel gee vir mense uit ander lande. Hulle sal vat wat hulle wil hê, die slegte mense van die aarde sal die goed vat en hulle sal die tempel ontwy.

22Ek sal maak of Ek hulle nie sien nie, en hulle sal my kosbare tempel ontwy, wilde mense sal in die tempel kom en hulle sal dit ontwy.

23Jy moet kettings gereed hou om gevangenes vas te bind. Hoekom? Omdat die mense wat regters moes wees, moordenaars is, hulle doen slegte dinge aan die mense in die stad.

24Ek sal die slegste volke bring, en hulle sal die huise vir hulleself vat. Ek sal die hoogmoedige mense wat regeer, laat sterf. Die vyande sal hulle tempels ontwy.

25Wanneer dit so sleg gaan met hulle, dan sal hulle vrede soek maar hulle sal dit nie kry nie.

26Wanneer baie slegte dinge met hulle gebeur, en hulle hoor dat nog slegte dinge kom, dan sal hulle vir die profete vra: 'Het die Here nie vir julle iets gewys nie?' En hulle sal vir die priesters vra: 'Wat wil die Here hê?' Maar die priesters sal nie weet nie, en die leiers sal nie kan sê wat hulle moet doen nie.

27Die koning sal ook nie weet wat om te doen nie, die man wat regeer, sal te bang wees om iets te doen. Die mense in die land sal so bang wees dat hulle hande sal bewe. Ek sal hulle straf oor die dinge wat hulle gedoen het, Ek sal dieselfde met hulle doen wat hulle met ander mense gedoen het. Dan sal hulle weet dat Ek die Here is."

Esegiël 8

Die Here wys vir Esegiël wat die mense in Jerusalem doen

1Ek het in my huis gesit, en die leiers van Juda het voor my gesit. Dit was die vyfde dag van die sesde maand van die sesde jaar. Ek het gevoel die Here, Hy wat Here is, sit sy hand op my.

2Ek het gekyk en ek het 'n persoon gesien wat soos vuur lyk. Daar was iets wat gelyk het soos sy heupe, en onder sy heupe was daar ook vuur. Bo sy heupe was iets wat geblink het soos brons wat iemand blink gevryf het.

3Die persoon het iets uitgesteek, dit was soos 'n hand, en dit het my aan my hare gevat. Die Gees het my opgetel tussen die aarde en die hemel en Hy het my na Jerusalem gebring. Dit was dinge wat God vir my gewys het. Hy het my gebring tot by die ingang na die binneste poort. Die poort is noord van die tempel, daar waar die beeld staan wat vir die Here so baie kwaad maak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4En toe sien ek die lig wat om die Koning, die God van Israel, is. Dit was dieselfde soos die lig wat ek gesien het in die vallei.

5Die Here het vir my gesê: “Mens, kyk noord.” Ek het na die noorde gekyk, en toe sien ek daardie beeld by die altaar, die beeld wat vir God so kwaad maak. Dit was by die noordekant van die poort, by die ingang.

6Die Here het vir my gesê: “Mens, sien jy nou self wat hulle doen? Sien jy watter baie slegte dinge doen die volk Israel hier ver weg van die tempel? Maar jy sal nog meer slegte dinge sien.”

7Hy bring my toe tot by die ingang na die oop stuk grond, en daar is toe ’n gat in die muur.

8Toe sê die Here vir my: “Mens, jy moet nou die gat groter maak, sodat jy kan deurgaan.” Ek het dit gedoen, en toe sien ek daar ’n ingang.

9Die Here het vir my gesê: “Gaan kyk na die baie slegte dinge wat hulle hier doen.”

10Ek het gaan kyk, en daar sien ek toe dat mense oral teen die mure verskillende goed geteken en uitgekrap het. Dit was tekeninge van lelike diere, klein diertjies en groot diere, en tekeninge van al die ander afgode van die volk Israel.

11Voor die tekeninge het 70 van die leiers van die volk Israel gestaan. Jaäsanja seun van Safan het tussen hulle gestaan. Elke leier het ’n wierook-pan in sy hand gehad, en die rook van die wierook het uit die panne opgekom.

12Toe sê die Here vir my: “Mens, sien jy wat doen die leiers van die volk Israel hier in die donker, elkeen in sy kamer wat vol afgodsbeelde is? Hulle dink Ek sien hulle nie, hulle dink die Here het die land gelos.”

13Maar toe sê die Here vir my: “Jy sal nog meer slegte dinge sien wat hulle doen.”

14Die Here bring my toe tot by die ingang van die poort noord van die tempel, en daar sien ek toe vroue sit, hulle was besig om te huil oor Tammus.

15Die Here het vir my gesê: “Mens, sien jy dit? Jy sal nog slegter dinge sien as hierdie dinge.”

16Toe bring Hy my na die binneste oop stuk grond by die tempel. Daar het omtrent 25 mans gestaan, en hulle rug was na die tempel. Hulle gesig was na die ooste, en hulle het na die ooste gebuig vir die son. Hulle was by die ingang van die tempel van die Here, tussen die voorportaal en die altaar.

17Toe sê die Here vir my: “Mens, sien jy dit? Die volk Juda doen baie slegte dinge hier, maar hulle doen nog baie meer slegte dinge op ander plekke. Hulle het ook nog slegte dinge gedoen aan die mense in die hele land. En dan kom hulle ook en hulle beledig My en hulle ruik aan druiweranke, hulle maak My baie kwaad.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18Nou sal Ek ook iets doen aan hulle. Ek is kwaad, Ek sal hulle nie vergewe nie en Ek sal nie jammer wees vir hulle nie. Hulle sal hard skree en vra dat Ek hulle moet help, maar Ek sal nie doen wat hulle vra nie."

Esegiël 9

Die Here sal nie jammer wees vir die mense van Israel en Juda nie

1Ek het gehoor die Here praat baie hard. Hy het gesê: "Die straf vir die mense van die stad sal nou begin. Elkeen moet die wapens neem waarmee hy die mense in die stad moet doodmaak."

2En toe kom daar ses mans van die boonste poort, die poort wat noord is, en in elke man se hand was die wapens waarmee hy die mense moet doodmaak. Saam met hulle was 'n man wat linne-klere aangehad het, en daar was 'n skrywer-sakkie aan sy belt. Die mans het langs die brons-altaar kom staan.

3Die lig om die Koning, die God van Israel, was op die gerub. Dit het toe opgegaan van die gerub, en dit het gestop by die drumpel van die tempel. Die Here het hard gepraat met die man wat die linne-klere aan het en wat die skrywer-sakkie aan sy belt het.

4Die Here het vir hom gesê: "Jy moet deur die stad loop, deur Jerusalem, en jy moet 'n merk maak op die voorkop van elke persoon wat sug en kla oor al die slegte dinge wat in die stad gebeur."

5Ek het gehoor die Here sê vir die ander mans: "Julle moet agter hom deur die stad loop en julle moet almal doodmaak, elkeen wat julle sien. Julle moet vir niemand jammer wees nie.

6Julle moet almal doodmaak, oumanne en jongmanne, jongmeisies, kinders en vroue, julle moet hulle almal doodmaak. Maar julle moet niks doen aan die mense wat die merk op hulle voorkoppe het nie. Julle moet begin by die tempel." Die mans het toe begin by die oumanne voor die tempel.

7Die Here het vir die mans gesê: "Julle moet die tempel ontwy en julle moet die oop stukke grond vol lyke maak. Dan moet julle verder gaan." Hulle het verder gegaan en hulle het die mense in die stad doodgemaak.

8Terwyl hulle besig was om die mense dood te maak, het ek alleen agtergebly. Ek het gaan lê met my gesig teen die grond. Ek het geskree: "Ag, Here, my Here, wil U al die Israeliete doodmaak wat nog lewe? Wil U hulle straf omdat U nou so kwaad is vir die mense van Jerusalem?"

9Die Here het vir my gesê: "Die mense van Israel en Juda het baie groot sonde gedoen, baie. Hulle het mense vermoor in die hele land en hulle het mense in die

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

stad verkeerd ge-oordeel. Hulle het dit gedoen omdat hulle dink die Here het die stad gelos en hulle dink Hy sien nie wat hulle doen nie.

10Nou sal Ek hulle nie vergewe nie en Ek sal nie jammer wees vir hulle nie. Ek sal hulle straf oor die dinge wat hulle gedoen het."

11En toe stuur die man wat die linne-klere aan het en wat die skrywer-sakkie aan sy belt het, 'n boodskap. Hy het gesê: "Ek het gedoen wat U vir my gesê het."

Esegiël 10

Esegiël sien weer die lig wat om die Koning, die Here, is

1Ek het gekyk en toe sien ek iets soos saffierklip bokant die hemeldak wat oor die koppe van die gerubs was. Ek het bokant die gerubs iets gesien wat soos 'n troon lyk.

2Die Here het vir die man met die linne-klere gesê: "Jy moet tussen die wiele ingaan wat onder die gerubs is en jy moet jou twee hande vol warm kole maak. Dan moet jy die kole oor die stad gooi." Ek het gesien die man gaan en hy doen dit.

3Die gerubs het suid van die tempel gestaan toe die man daar kom. 'n Wolk het die binneste oop stuk grond toegemaak.

4Die lig wat om die Here is, het opgegaan van die gerub en dit het bokant die tempel se drumpel gaan staan. Die tempel was vol van die wolk, en die oop stuk grond was vol van die blink lig wat om die Here is.

5'n Mens kon die vlerke van die gerubs hoor raas in die buitenste oop stuk grond. Dit was soos wanneer die Almagtige God praat.

6Die Here het vir die man met die linne-klere gesê hy moet vuur gaan haal tussen die wiele tussen die gerubs. Die man het gegaan en hy het langs 'n wiel gaan staan.

7'n Gerub het sy hand uitgesteek na die vuur tussen die gerubs en hy het kole geneem en dit in die hande van die man met die linne-klere gesit. Die man het dit geneem en uitgegaan.

8Ek het onder die vlerke van die gerubs iets gesien. Dit het gelyk soos menshande.

9Toe ek weer kyk, sien ek vier wiele langs die gerubs. Daar was 'n wiel langs elke gerub. Die wiele het gelyk soos chrisoliet-klip.

10Die wiele het dieselfde gelyk. Dit het gelyk of daar nog 'n wiel binne-in elke wiel was, daardie wiel was dwars.

11Die wiele kon na enige kant beweeg. Die wiele het nie weggedraai wanneer hulle beweeg nie, want die wiele het almal gegaan waar die voorste wiel gegaan het. Hulle het nie weggedraai wanneer hulle beweeg nie.

© Bible Society of South Africa.

12Elke gerub se lyf was rondom vol oë, ook sy rug, sy hande en sy vlerke, en ook die vier wiele.

13Ek het gehoor iemand sê dit is wiele.

14Elke gerub het vier gesigte gehad. Die eerste gesig was die gesig van ’n gerub, die tweede gesig was die gesig van ’n mens, die derde gesig was die gesig van ’n leeu en die vierde was die gesig van ’n arend.

15Die gerubs het in die lug opgegaan. Dit was dieselfde diere wat ek by die Kebar-kanaal gesien het.

16Wanneer die gerubs beweeg het, dan het die wiele langs hulle ook beweeg. Wanneer die gerubs met hulle vlerke in die lug opgegaan het, dan het die wiele nie weggedraai nie. Hulle het langs die gerubs gebly.

17Wanneer die gerubs gestaan het, dan het die wiele ook gestaan, en wanneer die gerubs in die lug opgegaan het, dan het die wiele ook opgegaan. Die gees van die diere was in die wiele.

18Die lig wat om die Here is, het weggegaan van die drumpel van die tempel en dit het bokant die gerubs gebly.

19Ek het gesien hoe die gerubs hulle vlerke optel en in die lug opgaan. Toe hulle gegaan het, het die wiele saam met hulle gegaan. Hulle het gaan staan by die ingang van die poort oos van die tempel, en die lig wat om die Koning, die God van Israel, is, was bokant hulle.

20Dit was die diere wat ek onder die God van Israel gesien het by die Kebar-kanaal. Ek het geweet hulle is gerubs.

21Elke gerub het vier gesigte gehad en dit het gelyk of daar hande onder hulle vlerke is, hande soos ’n mens se hande.

22Hulle gesigte het gelyk soos die gesigte wat ek by die Kebar-kanaal gesien het. Elke gerub het reguit vorentoe gegaan.

Esegiël 11

Die Here sal die leiers van Jerusalem straf

1 Die Gees het my opgetel en gebring tot by die poort oos van die tempel, die poort wat by die oostekant is. Daar was 25 mans by die ingang van die poort. Ek het vir Jaäsanja seun van Assur en vir Pelatja seun van Benaja tussen hulle gesien. Hulle was leiers van die volk.

2Die Here het vir my gesê: “Mens, hierdie manne is die manne wat verkeerde planne maak en wat vir die mense in hierdie stad sê watter slegte dinge hulle moet doen.

© Bible Society of South Africa.

3Hulle sê: ‘Ander mense moenie hier huise bou nie. Die stad is die pot en ons is die vleis wat in die pot moet wees, net ons.’

4Daarom, mens, jy moet vir hulle sê wat Ek sê, jy moet dit sê.”

5Toe kom die Gees van die Here in my en Hy sê vir my: “Jy moet vir hulle sê dat die Here sê: Volk Israel, dit is wat julle gesê het. Ek weet wat julle dink.

6Julle het baie mense in hierdie stad vermoor, julle het die strate vol lyke gemaak.”

7Die Here, Hy wat Here is, sê: “Julle het dit gedoen, julle het die mense in die stad vermoor. Daarom is húlle die vleis, en die stad is die pot. Maar vir júlle sal Ek uit die stad uitgooi.

8Julle was bang vir oorlog, en nou sal Ek oorlog oor julle bring.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

9“Ek sal julle uit die stad uitgooi. Ek sal ander volke bring om oorlog te maak teen julle en Ek sal hulle laat wen. Ek sal julle straf.

10Julle sal op die grens van die land Israel in die oorlog sterf. Ek sal julle straf, en julle sal weet dat Ek die Here is.

11Die stad sal nie vir julle die pot wees en julle sal nie die vleis in die pot wees nie. Ek sal julle straf op die grens van die land Israel.

12Dan sal julle weet dat Ek die Here is. Julle het nie gelewe soos Ek gesê het nie en julle het nie gedoen wat Ek wou hê nie, julle het gedoen wat die heidene wou hê, die heidene wat rondom julle woon.”

Die Here sal die mense van Juda wat in Babel is, laat terugkom

13Terwyl ek besig was om te sê wat die Here sê, het Pelatja seun van Benaja gesterf. Ek het gaan lê met my gesig teen die grond. Ek het hard geskree en gevra: “Ag, Here, U wat Here is, is U besig om almal van Israel wat nog lewe, te laat sterf?”

14Toe hoor ek die Here sê vir my:

15“Mens, die mense wat in Jerusalem woon, praat van jou broers, van jou mense wat in Babel woon, en van die hele volk Israel. Hulle praat van almal en hulle sê: ‘Hulle almal is ver weg van die Here. Hy het hierdie land vir óns gegee, dit is nou ons land.’

16Daarom moet jy sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Ek het hulle ver weggevat na die heidene toe en Ek het hulle oral in ander lande laat woon. Toe het Ek self vir hulle ’n bietjie soos ’n tempel geword in elke land waar hulle gekom het.

17Daarom moet jy vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Ek het julle na baie lande laat gaan, maar Ek sal julle bymekaarmaak uit daardie volke, Ek sal julle laat bymekaarkom uit al daardie lande. Ek sal weer die land Israel vir julle gee.

© Bible Society of South Africa.

18Dan sal hulle hiernatoe kom en hulle sal al die slegte, lelike goed wat Ek haat, wegvat uit die stad.

19Ek sal vir hulle ’n ander hart gee, en daar sal ’n nuwe gees in hulle wees. Ek sal die klip-harte uit hulle liggame wegvat en Ek sal vir hulle vleis-harte gee.

20Dan sal hulle lewe soos Ek sê en hulle sal doen wat Ek wil hê. Hulle sal my volk wees en Ek sal hulle God wees.

21Maar die mense wat aanhou om die slegte, lelike dinge te doen wat Ek haat, dit is vir húlle wat Ek sal straf oor wat hulle gedoen het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

22Die gerubs het hulle vlerke opgetel, en die wiele was langs die gerubs. Die lig wat om die God van Israel is, was bokant die gerubs.

23Die lig wat om die Here is, het in die lug opgegaan uit die stad en dit het bly staan op die berg oos van die stad.

24 Die Gees het my opgetel en Hy het my gebring na die land van die Galdeërs, na die Judeërs toe in Babel. Dit was alles dinge wat die Gees van God vir my gewys het. Hy het die dinge klaar vir my gewys.

25Ek het toe vir die Judeërs in Babel alles vertel wat die Here vir my gewys het.

Esegiël 12

Die mense van Jerusalem sal gevangenes word in ’n ander land

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy woon tussen ’n opstandige volk. Hulle het oë om te sien, maar hulle sien nie. Hulle het ore om te hoor, maar hulle hoor nie. Hoekom? Omdat hulle ’n opstandige volk is.

3En jy, mens, jy moet al die goed gereedmaak wat jy sal wil saamneem wanneer jy in ’n ander land moet gaan woon, en jy moet vandag weggaan van jou huis na ’n ander plek. Almal moet dit kan sien. Miskien sal hulle self sien dat hulle ’n opstandige volk is.

4Hulle moet in die dag sien dat jy die goed uitbring. En jy, jy moet in die aand uitgaan. Hulle moet sien dat jy uitgaan.

5Hulle moet sien dat jy ’n gat in die stad se muur breek en dat jy deur die gat gaan.

6Hulle moet sien dat jy die goed op jou skouer sit en dat jy weggaan in die donker. Jy moet jou gesig toemaak en jy moenie na die land kyk nie. Ek gebruik jou om ’n teken te wees vir die volk Israel.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Ek het toe gedoen wat die Here vir my gesê het. Ek het in die dag die goed uitgebring wat ek sal wil saamneem wanneer ek in ’n ander land moet gaan woon en ek het in die aand ’n gat in die muur gebreek met my hande. Ek het in die donker uitgegaan. Hulle het gesien ek dra die goed op my skouer.

8Die volgende oggend het ek gehoor die Here sê vir my:

9“Mens, die opstandige volk, die volk Israel, het vir jou gevra wat jy doen.

10Jy moet vir hulle sê dat Ek, die Here wat Here is, sê: Ek praat nou oor die koning in Jerusalem en oor die hele volk Israel wat in die stad is.

11Jy moet sê dat jy vir hulle ’n teken is. Die vyande sal dieselfde met hulle doen wat jy gedoen het. Hulle sal gevangenes word en hulle sal in ’n ander land moet gaan woon.

12Die koning wat tussen hulle is, sal sy goed in die donker op sy skouers sit en weggaan. Hy sal ’n gat deur die muur breek om uit te gaan en hy sal sy gesig toemaak sodat hy nie na die land kan kyk nie.

13Ek sal my vangnet oor hom gooi en Ek sal hom vang. Ek sal hom na Babel bring, na Galdeër-land. Hy sal daardie land nie sien nie, maar hy sal daar sterf.

14En ek sal almal wat by die koning is en wat hom help, na al die kante toe jaag, en ook al sy soldate. Ek sal hulle self jaag met my swaard.

15Hulle sal weet dat Ek die Here is wanneer Ek hulle na al die kante toe jaag tussen die volke in, wanneer Ek hulle oral in ander lande laat woon.

16Ek sal ’n paar van hulle nie laat sterf in die oorlog of van honger of pes nie, sodat hulle vir die volke waar hulle kom, kan vertel van alles wat hulle gedoen het wat Ek haat. Hulle sal weet dat Ek die Here is.”

17Ek het gehoor die Here sê vir my:

18“Mens, jy moet bewe wanneer jy eet en jy moet bekommerd en ontsteld wees wanneer jy water drink,

19en dan moet jy vir die mense van die land sê: Die Here, Hy wat Here is, sê vir die mense wat in Jerusalem woon, vir die mense in die land Israel: Julle sal bekommerd wees wanneer julle eet en julle sal baie bang wees wanneer julle water drink.

20Die stede waar nou mense woon, sal hope klippe word, en daar sal niemand in die land woon nie. Julle sal weet dat Ek die Here is.”

Die dinge wat die Here gesê het, sal nou gebeur

21Ek het gehoor die Here sê vir my:

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22“Mens, wat sê die mense van Israel altyd? Hulle sê: ‘Die Here het dinge vir die profeet gewys, maar die tyd gaan verby en niks gebeur wat die Here vir hom gewys het nie.’

23Daarom moet jy vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Ek sal hulle laat ophou om so te praat. Hulle sal dit nie weer sê in die volk Israel nie. Jy moet vir hulle sê die tyd kom nou nader wanneer alles sal gebeur wat die Here vir sy profeet gewys het.

24Niemand sal lieg en sê die Here het vir hom iets gewys nie, niemand in die volk Israel sal aanhou sê hy weet dinge wat ander mense nie kan weet nie.

25Wanneer Ek, die Here, sê dat iets sal gebeur, dan sál dit gebeur. Ek sal dit nie later laat gebeur nie. Opstandige volk, Ek sê vir julle nou dat iets sal gebeur, en Ek sal dit doen.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

26Ek het gehoor die Here sê vir my:

27“Mens, luister, die volk Israel sê: ‘Dit sal ’n lang tyd wees, dan sal die dinge gebeur wat die Here vir die profeet gewys het. Die profeet praat oor dinge wat nie gou sal gebeur nie.’

28Daarom moet jy vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Ek sal niks wat Ek gesê het, later laat gebeur nie. Die dinge wat Ek gesê het, sal nóú gebeur.” Dit is wat die Here gesê het, Hy wat Here is.

Esegiël 13

Dit sal sleg gaan met die dwase profete, die Here het niks vir hulle gewys nie

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet vir die profete van Israel sê wat Ek sê. Hulle sê hulle is profete, maar hulle het self besluit hulle is profete. Jy moet vir hulle sê: Julle moet hoor wat sê die Here.

3Die Here, Hy wat Here is, sê: Dit sal sleg gaan met die dwase profete, Ek het niks vir hulle gewys nie. Hulle doen wat hulle self besluit.

4Israel, julle profete is soos jakkalse in stede wat verwoes is.

5Profete, julle het nie gaan staan by die plekke waar die muur stukkend is en julle het nie die muur weer gebou om Israel te beskerm nie. Wanneer die dag van die Here kom, dan sal die muur nie bly staan nie.

6Die profete sê dinge wat Ek nie vir hulle gewys het nie, hulle sê hulle weet dinge wat ander mense nie kan weet nie, maar hulle lieg. Hulle sê ‘Die Here het dit gesê,’ maar die Here het hulle nie gestuur nie. En dan dink hulle die dinge sal gebeur wat hulle gesê het.

© Bible Society of South Africa.

7Hulle het dinge gesê wat Ek nie vir hulle gewys het nie, hulle het gesê hulle weet dinge wat ander mense nie kan weet nie, maar hulle het gelieg. Ek het niks gesê nie, maar hulle het gelieg en gesê 'Die Here sê dit.'

8Daarom sê die Here, Hy wat Here is: Ek is téén julle, want julle praat dinge wat nie waar is nie en julle sê julle sien dinge, maar dit is vals." Dit is wat die Here gesê het.

9Die Here het ook gesê: "Ek steek my hand uit en Ek straf die profete wat dinge sien wat Ek nie vir hulle gewys het nie en wat lieg en sê hulle weet dinge wat ander mense nie kan weet nie. Hulle sal nie 'n plek kry waar die mense bymekaar is wat aan My behoort nie, niemand sal hulle name skryf in die boek van Israel nie, en hulle sal nie kom in die land van Israel nie. Julle sal weet dat Ek die Here is.

10Hulle het my volk verlei toe hulle gesê het daar sal vrede wees en daar toe nie vrede was nie. Die volk het klippe opmekaar gepak om 'n muur te bou, en die profete het die muur met kalk wit geverf. Daarom, net daarom,

11moet jy praat met die profete wat die muur geverf het wat sal val. Jy moet vir hulle sê: Ek sal dit hard laat reën en dit sal hael, en Ek sal 'n stormwind laat waai.

12Julle moet dit weet, wanneer die muur val, dan sal mense vir julle vra: 'Waar is die kalk waarmee julle die muur geverf het?' Hulle sal dit vra, dit is seker."

13Die Here, Hy wat Here is, sê: "Ek is kwaad vir julle omdat julle dit gedoen het. Ek sal stormwinde laat waai en Ek sal dit hard laat reën en Ek sal hael stuur wat alles stukkend slaan.

14En Ek sal die muur afbreek wat julle geverf het, die klippe sal op die grond lê en mense sal sy fondamente kan sien. Julle sal tussen die klippe sterf. Julle sal weet dat Ek die Here is.

15Ek sal die muur afbreek en Ek sal die mense wat dit geverf het, aanhou straf totdat Ek nie meer kwaad is nie. Ek sal vir julle sê: Daar is nie meer 'n muur nie, en die mense wat dit geverf het, lewe nie meer nie.

16Hulle is die profete van Israel wat vir die mense van Jerusalem gesê het dat Ek hulle gestuur het en vir hulle gewys het daar sal vrede wees, maar toe was daar nie vrede nie." Dit is wat die Here gesê het.

17Die Here het ook vir my gesê: "Mens, jy moet na die vroue van jou volk kyk wat self besluit het om profete te wees, en jy moet hierdie boodskap van My vir hulle bring.

18Jy moet sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Vroue, dit sal sleg gaan met julle wat bande om julle voor-arms vaswerk en wat kort of lang sluiers oor mense se koppe sit sodat julle hulle kan toor en laat sterf. Dink julle dat julle mense van my volk kan laat sterf en dat julle self kan aanhou lewe?

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Julle het my Naam ontwy tussen die mense van my volk, julle het net ’n paar hande vol gars en stukkies brood gekry omdat julle dit gedoen het. Julle het gelieg en julle het mense laat sterf wat nie moes gesterf het nie, maar julle het mense laat aanhou lewe wat nie moes aanhou lewe nie. My volk het geluister na julle leuens.”

20Die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek sal die bande van julle arms afruk omdat julle dit gedoen het. Julle het die bande gebruik om mense te vang soos ’n mens voëltjies vang, julle het mense gevang, maar Ek sal hulle vrymaak.

21Ek sal julle sluiers afruk en Ek sal my volk red van julle. Julle sal nie meer met hulle kan doen wat julle wil nie. Julle sal weet dat Ek die Here is.

22Julle het gelieg vir mense wat reg wou doen en julle het hulle moedeloos laat word. Ék het hulle nie laat seerkry nie. Julle het gesê mense wat verkeerd doen, is reg, julle het nie vir hulle gesê hulle moet verander en reg doen sodat hulle kan aanhou lewe nie.

23Daarom sal julle nie meer kan lieg en sê dat Ek vir julle dinge gewys het nie. Julle sal nie meer kan sê julle weet dinge wat ander mense nie kan weet nie. Ek sal my volk red van julle, en julle sal weet dat Ek die Here is.”

Esegiël 14

Die volk Israel moet hulle afgode los

1Party van die leiers van Israel het na my toe gekom en hulle het voor my kom sit.

2Ek hoor toe die Here sê vir my:

3“Mens, hierdie manne is lief vir hulle afgode. Hulle sonde is soos ’n klip waaroor hulle val. Ek wil nie hê hulle moet vir My iets vra nie, niks nie.

4Daarom, jy moet met hulle praat, jy moet vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: As iemand van die volk Israel lief is vir sy afgode, dan moet hy weet dat sy sonde soos ’n klip is waaroor hy val. As hy dan na die profeet toe kom, dan sal Ek, die Here, hom self antwoord. Ek, die Here, sal self elke persoon antwoord soos Ek hom moet antwoord wanneer hy sy baie afgode dien.

5Ek sal dit doen sodat almal van die volk Israel sal skrik wanneer hulle hoor wat Ek vir hulle sê, almal wat weggegaan het van My om hulle afgode te dien.

6Daarom, jy moet vir die volk Israel sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Julle moet terugkom, julle moet julle afgode los, julle moet al die slegte dinge los wat Ek haat.

7Want Ek, die Here, sal self elkeen van die volk Israel antwoord. Ek sal ook die vreemdeling wat in die land Israel woon, antwoord. Ek sal hom antwoord wanneer hy weggaan van My en lief is vir sy afgode. Sy sonde is soos ’n klip waaroor hy val, maar dan kom hy na die profeet toe om te vra wat Ek wil hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8Ek sal ’n vyand wees vir iemand wat dit doen. Die mense sal na hom kyk en hulle sal
oor hom praat. Ek sal hom afsny van my volk. Julle sal weet dat Ek die Here is.

9En wanneer ’n profeet lieg en dinge sê, dan is dit Ek wat vir daardie profeet gesê het
wat hy moet sê. Ek sal my hand teen hom uitsteek en hom straf, Ek sal hom wegvee
uit my volk Israel.

10Die vals profete sal die straf vir hulle sonde kry, die persoon wat dinge vir My kom
vra en die profeet sal dieselfde straf kry.

11Dan sal die volk Israel nie weer weggaan van My nie en hulle sal hulleself nie
weer onrein maak met al hulle sondes nie. Hulle sal my volk wees en Ek sal hulle
God wees.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

12Ek het gehoor die Here sê vir my:

13“Mens, wanneer die mense in ’n land sonde doen teen My en ontrou word, dan
sal Ek hulle kos laat opraak en Ek sal hulle honger laat word. Ek sal die mense en die
diere in die land laat doodgaan.

14As daardie drie manne, Noag, Daniël en Job, nou in die land was, dan sou hulle net
hulle eie lewens gered het omdat hulle reg gedoen het.” Dit het die Here gesê, Hy
wat Here is.

Die Here sal oorlog, honger, wilde diere en pes na die land stuur

15Die Here het gesê: “Ek sal wilde diere in die land bring en hulle sal die
land verwoes sodat niemand daar kan woon nie. Niemand sal deur die land kan loop
nie omdat daar wilde diere is.

16As daardie drie manne, Noag, Daniël en Job, nou in die land was, dan sou hulle nie
hulle seuns of dogters kon red nie, hulle sou net hulleself kon red. Niemand sal in die
land kan woon nie. Dit is seker, so seker soos Ek lewe.” Dit het die Here gesê, Hy wat
Here is.

17Die Here het ook gesê: “As Ek nie wilde diere bring nie, dan sal Ek oorlog in daardie
land bring en Ek sal sê daar moet oorlog in die hele land wees, Ek sal die mense en
die diere in die land laat doodgaan.

18En as daardie drie manne nou in die land was, dan sou hulle nie hulle seuns of hulle
dogters kon red nie. Hulle sal net hulleself kan red. Dit is seker, so seker soos Ek
lewe.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

19“En as Ek nie wilde diere of oorlog bring nie, dan sal Ek pes in daardie land stuur
en Ek sal die land swaar straf, almal sal sterf. Ek sal die mense en die diere in die land
laat doodgaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20As Noag, Daniël en Job nou in die land was, dan sou hulle nie een seun of dogter kon red nie. Hulle sal net hulleself kan red omdat hulle reg gedoen het. Dit is seker, so seker soos Ek lewe." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

21Ja, die Here, Hy wat Here is, sê: "Dit alles sal gebeur wanneer Ek Jerusalem straf. Ek sal my vier swaar strawwe na Jerusalem stuur. Dit is: oorlog en honger en wilde diere en pes. Ek sal die mense en die diere in die stad laat doodgaan.

22Maar luister, party mense in die stad sal aanhou lewe. Daar sal seuns en dogters uit die stad na julle toe kom, en julle sal sien hoe hulle gelewe het en wat hulle gedoen het. Dan sal julle weet hoekom Ek dit sleg laat gaan het met die stad, julle sal weet hoekom Ek alles laat gebeur het.

23Wanneer julle sien hoe hulle gelewe het en wat hulle gedoen het, dan sal julle verstaan hoekom Ek alles gedoen het wat Ek in Jerusalem gedoen het." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 15

Die Here sal die land verwoes, niemand sal daar kan woon nie

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2"Mens, die hout van 'n wingerdstok is nie beter as enige ander hout wat in die bos groei nie.

3Niemand gebruik dit om iets te maak nie. Niemand gebruik wingerdhout om 'n haak te maak sodat hy iets aan die haak kan hang nie.

4Luister, wanneer 'n mens hout in die vuur sit, dan brand dit by die twee punte en in die middel. Dit is dan nie meer goed nie, jy kan dan nie meer iets daarvan maak nie.

5Wanneer wingerdhout nog nie gebrand het nie en dit 'n heel stuk hout is, dan kan 'n mens niks daarvan maak nie. En wanneer dit gebrand het, dan kan 'n mens dit glad nie gebruik nie."

6Die Here, Hy wat Here is, sê: "Daarom, Ek het die wingerdhout tussen die bome in die bos gemaak om dit te verbrand. Ek sal dieselfde doen met die mense wat in Jerusalem woon, Ek sal hulle verbrand.

7Ek het hulle vyand geword. Hulle sal uit die vuur vlug, maar die vuur sal hulle brand. En julle sal weet dat Ek die Here is wanneer Ek hulle vyand geword het.

8Ek sal die land verwoes, niemand sal daar kan woon nie omdat die mense wat daar woon, ontrou is." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 16

Jerusalem, die slegte vrou

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Ek het gehoor die Here sê vir my:

[2]“Mens, jy moet vir Jerusalem sê watter slegte dinge sy gedoen het.

[3]Jy moet sê: Die Here, Hy wat Here is, sê vir Jerusalem: Jy kom uit die land van die Kanaäniete. Jy is daar gebore. Jou pa was ’n Amoriet en jou ma was ’n Hetiet.

[4]Daardie dag toe jy gebore is, het hulle nie jou naelstring afgesny nie, hulle het jou nie gewas en jou vel met sout gevryf nie, hulle het jou nie toegedraai nie.

[5]Niemand was jammer vir jou nie. Niemand het een van hierdie dinge gedoen om jou te help nie. Hulle het jou weggegooi in die veld. Niemand het van jou gehou toe jy gebore is nie.

[6]En toe het Ek daar by jou gekom. Ek het gesien dat jy in jou bloed lê en rondrol. Ek het gesien dat jy in jou bloed gelê het en Ek het vir jou gesê: ‘Jy moet lewe!’ Jy het daar in jou bloed gelê, en Ek het vir jou gesê: ‘Jy moet lewe!

[7]Jy moet groot word!’ Ek het jou laat groei soos ’n veldplant. Jy het gegroei en grootgeword. Jy het ’n baie mooi meisie geword. Jou borste het styf geword en jou hare het lank geword. Maar jy was kaal, jy het nie klere gehad nie.

[8]Toe Ek by jou kom en Ek sien jy is nou ’n jongmeisie wat kan trou, het Ek my bo-kleed oor jou gegooi en Ek het jou toegemaak. Ek het belowe Ek sal aan jou behoort en Ek het ’n verbond gemaak met jou.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is. “Jy het Myne geword.

[9]Ek het jou gebad, Ek het die bloed van jou afgewas en Ek het jou lyf met olyf-olie gesmeer.

[10]Ek het vir jou mooi bont klere aangetrek en skoene van sagte vel. Ek het jou toegemaak met linne en sy.

[11]Ek het vir jou mooi juwele aangesit: armbande en kettinkies om jou nek,

[12]ringe aan jou neus en jou ore, en ’n mooi kransie op jou kop.

[13]Jy kon goud en silwer aan jou klere vaswerk, jy kon klere dra van linne en sy en mooi bont materiaal. Jy kon brood van die beste koringmeel en heuning en olyf-olie eet. Jy het baie baie mooi geword, so mooi dat jy ’n koningin kon wees.

[14]Al die volke het geweet dat jy mooi is. Niemand anders was so mooi soos jy nie. Ek het jou so mooi gemaak.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

[15]“Maar toe dink jy dat jy enige iets kan doen omdat jy mooi is. Almal het jou geken, en jy het ’n slegte vrou geword. Jy het jouself gegee vir enige iemand wat by jou kom, en jy het by hom geslaap.

© Bible Society of South Africa.

16Jy het van jou klere geneem en jy het dit gebruik om vir jou mooi bont offer-plekke te maak waar jy ander gode kon dien. Niemand anders het dit voorheen gedoen nie en niemand anders sal dit weer doen nie.

17Jy het jou juwele geneem, die goud en silwer wat Ek vir jou gegee het, en jy het daarvan vir jou beelde van mans gemaak, jy het ander gode met daardie beelde gedien.

18Jy het jou mooi bont klere geneem en jy het dit vir die beelde aangetrek. Ek moes die olyf-olie en die wierook kry, maar jy het dit voor die beelde neergesit.

19Ek het vir jou brood van die beste koringmeel, olyf-olie en heuning gegee om te eet, en jy het dit vir die ander gode ge-offer sodat hulle kon ruik hoe lekker dit is. Dit is wat jy gedoen het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

20“Jy het seuns en dogters vir My gekry, maar jy het hulle geneem en jy het hulle ge-offer sodat die ander gode offer-etes kon eet. Jy het ander gode gedien, maar jy wou nog meer vir hulle doen.

21Jy het ook my kinders geslag en jy het hulle vir die ander gode verbrand.

22Jy het al hierdie dinge gedoen wat Ek haat, jy het ontrou geword en jy het nie die tyd onthou toe jy kaal was en nie klere gehad het nie, daardie tyd toe jy in jou bloed gelê en rondrol het.

23Jy het al die slegte dinge gedoen, daarom sal dit sleg gaan met jou, baie sleg.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

24“Jy het vir jou offer-plekke gebou oral waar daar plek was.

25Jy het offer-plekke gebou by elke plek waar die paaie bymekaarkom. Jy was mooi, maar jy het jou mooi liggaam gebruik om dinge te doen wat Ek haat. Jy was soos ’n prostituut wat haar bene oopmaak vir elkeen wat verbykom. Jy het nie opgehou om ander gode te dien nie.

26Jy het ander gode gedien saam met die Egiptenaars, hulle wat altyd lus was om by jou te slaap. Jy het baie gehou van hulle, jy het aangehou om ontrou te wees en My seer te maak.

27En toe het Ek besluit om jou te straf. Ek het nie meer vir jou alles gegee wat jy moes kry nie. Ek het gesê jou vyande, die Filistyne, kan doen met jou wat hulle wil. En hulle was ook skaam oor jou slegte lewe.

28Jy het ander gode gedien saam met die Assiriërs, jy wou nie ophou nie. Jy het ander gode gedien saam met hulle en jy wou dit meer en meer doen.

29Jy het aangehou om ander gode te dien saam met die mense in die land van die handelaars, die Galdeërs, en jy wou dit meer en meer doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Jy is mal in jou kop.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is. “Jy het al hierdie dinge
gedoen soos ’n prostituut wat haar werk goed kan doen.

31Jy het offer-plekke gebou op elke plek waar die paaie bymekaarkom en oral waar
daar plek was, maar jy het toe nie soos ’n prostituut gemaak nie. Jy het nie gevra dat
hulle jou moet betaal nie.

32Jy was soos ’n slegte vrou wat gekies het om by ander mans te slaap, nie by haar
eie man nie.

33Al die prostitute wil hê dat die mans húlle moet betaal, maar jý het vir almal betaal,
almal vir wie jy lief was. Jy het hulle betaal om van oral na jou toe te kom en om
ander gode saam met jou te dien.

34Jy was anders as al die ander prostitute toe jy ontrou geword het. Mans het nie self
na jou toe gekom nie, hulle het nie vir jou betaal nie, nee, jy het vir húlle betaal. Jy
was anders.”

35Daarom, slegte vrou, luister na wat die Here sê.

36Die Here, Hy wat Here is, sê: “Jy het baie slegte dinge gedoen, jy het jou klere
uitgetrek vir almal vir wie jy lief was, vir jou afgode wat Ek haat. Jy het jou kinders
doodgemaak en jy het hulle bloed vir die afgode gegee.

37Daarom sal Ek nou almal bymekaarbring vir wie jy lief is, almal van wie jy gehou het
en ook almal van wie jy nie gehou het nie. Ek sal hulle van oral bymekaarbring en dan
sal Ek jou klere uittrek sodat almal kan sien jy is kaal.

38Ek sal jou straf soos mans vroue straf wat egbreuk en moord gepleeg het. Jy sal
self sterf, want Ek is kwaad vir jou, baie kwaad.

39Ek sal jou gee vir almal vir wie jy lief was, en hulle sal doen met jou wat hulle wil.
Hulle sal jou offer-plekke afbreek, hulle sal jou klere uittrek en jou juwele vat, hulle
sal jou so los, kaal, sonder klere.

40Hulle sal mense bymekaar laat kom om jou te straf, hulle sal jou doodgooi met
klippe en hulle sal jou stukkend kap met hulle swaarde.

41Hulle sal jou huise afbrand. Hulle sal jou straf, en baie vroue sal dit sien. So sal jy
ophou om ’n slegte vrou te wees. Jy sal nie weer vir mans iets verniet gee nie.

42Wanneer Ek jou klaar gestraf het, dan sal Ek ophou om kwaad te wees. Dan sal Ek
weer kalm word en vrede in my hart hê.

43Ek straf jou soos Ek jou moet straf oor wat jy gedoen het. Ek doen dit omdat jy
vergeet het wat gebeur het toe jy jonk was. Jy het My baie kwaad gemaak toe jy al
hierdie dinge gedoen het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is. “Ek haat al hierdie
dinge wat jy doen, jy het sleg gelewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

44Luister, die mense wat graag spreekwoorde maak, sal oor jou ook ’n spreekwoord maak. Hulle sal sê: ‘Soos die ma is, so is haar dogter.’

45Jy is jou ma se dogter, jou ma wat haar man en haar kinders gehaat het. Jy is jou susters se suster, jou susters wat hulle mans en hulle kinders gehaat het. Julle ma was ’n Hetiet en julle pa was ’n Amoriet.

46Samaria is jou oudste suster. Sy en haar dogters het noord van jou gewoon. Sodom is jou jonger suster. Sy en haar dogters het suid van jou gewoon.

47Jy het soos hulle gelewe en jy het die dinge gedoen wat hulle gedoen het, die dinge wat Ek haat. Maar jy was nie tevrede nie, jy het nog slegter as hulle gelewe.”

48Die Here, Hy wat Here is, sê: “Jou suster Sodom en haar dogters het nie so baie sonde gedoen soos jy en jou dogters nie. Dit is seker, so seker soos Ek lewe.

49Luister, jou suster Sodom was trots en selfsugtig. Sy en haar dogters het baie kos gehad, te veel kos, maar hulle het niks gedoen om mense te help wat hulleself nie kon help nie, mense wat niks gehad het nie.

50Hulle was hoogmoedig en hulle het dinge gedoen wat Ek haat. Ek het dit gesien en Ek het hulle laat verdwyn, jy het dit gesien.

51Samaria het baie minder sonde gedoen as jy, hulle het minder as die helfte gedoen wat jy gedoen het. Jy het baie meer dinge gedoen wat Ek haat. Jy het baie dinge gedoen wat Ek haat, so baie dinge dat dit gelyk het of jou susters reg lewe.

52Jy moet baie skaam wees daaroor. Jy het so baie sonde gedoen, so baie dinge wat Ek haat, dat dit lyk of hulle beter gelewe het as jy. Jy moet nou baie skaam word, jy het so baie verkeerde dinge gedoen dat dit lyk of jou susters reg gelewe het.

53Maar Ek sal dit weer goed laat gaan met Sodom en haar dogters en met Samaria en haar dogters, en Ek sal dit ook goed laat gaan met jou, saam met hulle.

54Jy sal dan die slegte naam moet dra en jy sal baie skaam moet wees oor alles wat jy gedoen het om dit beter te laat gaan met hulle.

55Jou suster Sodom en haar dogters sal weer die stad word wat hulle was, Samaria en haar dogters sal weer die stad word wat hulle was, en jy en jou dogters sal weer die stad word wat julle was.

56Jy het graag gepraat oor jou suster Sodom. Dit was toe jy hoogmoedig was,

57dit was toe almal nog nie gesien het hoe sleg jy is nie. Die Arameërs en almal wat naby hulle woon, spot nou vir jou, en al die Filistyne wat rondom jou is, lag vir jou.

58Dit is jou slegte lewe wat jou nou laat swaarkry, al die dinge wat jy gedoen het wat Ek haat.” Dit is wat die Here gesê het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

59Ja, die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek doen met jou wat jy gedoen het. Jy het gemaak
of dit nie saak maak dat Ek jou vervloek nie, jy het die verbond gebreek.

60Maar Ek sal weer dink aan die verbond wat Ek met jou gemaak het toe jy jonk was
en Ek sal weer ’n verbond maak met jou, ’n verbond wat altyd sal aanhou.

61Ek sal jou ouer suster en jou jonger suster neem en Ek sal hulle vir jou gee om jou
dogters te wees. Ek het dit nie belowe toe Ek ’n verbond met jou gemaak het nie,
maar Ek sal dit doen. Dan sal jy onthou hoe jy gelewe het en jy sal skaam word.

62Ek sal self weer my verbond maak met jou, en jy sal sê jy weet dat Ek die Here is.

63Ek sal jou vergewe oor alles wat jy gedoen het. Dan sal jy dink aan wat jy gedoen
het, en jy sal so skaam wees dat jy nie sal kan praat nie.” Dit het die Here gesê, Hy
wat Here is.

Esegiël 17

Die arend en die wingerdstok

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet vir die volk Israel ’n gelykenis vertel, ’n fabel.

3Jy moet sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Die groot arend met die groot vlerke en die
lang vlerkvere en die baie bont vere het na die Libanon-berg gekom. Die arend het
die boonste punt van die sederboom afgebreek en weggevat.

4Hy het die sagte boonste takkie afgebreek en hy het dit na die land Babel geneem.
Hy het dit neergesit in Babel, die stad van die handelaars.

5Toe het die arend ’n takkie uit die land Israel geneem en hy het dit geplant. Hy het
dit in die grond geplant soos ’n mens ’n tak van ’n wilgerboom plant. Daar was baie
water.

6En die takkie het gegroei en dit het ’n wingerdstok geword wat laag op die grond
groei. Die wingerdstok se wortels was onder hom, en hy het sy blare na die arend toe
gedraai. Die plant het ’n wingerdstok geword wat baie ranke en blare het.

7Daar was nóg ’n groot arend met groot vlerke en baie vere, en toe, skielik, draai die
wingerdstok sy wortels en sy ranke na die tweede arend toe, hy wou nog meer water
by die tweede arend kry as by die plek waar die eerste arend hom geplant het.

8Die eerste arend het die wingerdstok in goeie grond geplant, by baie water. Die
wingerdstok kon ranke en blare kry en dit kon ’n baie mooi wingerdstok geword het.

9“Jy moet sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Dit sal nie goed gaan met die wingerdstok
nie. Die eerste arend sal sy wortels uittrek, sy druiwe sal dan sleg en droog word en
sy nuwe takkies sal verlep. Die arend sal maklik die wingerdstok self kan uittrek, hy
sal nie vir baie mense moet vra om hom te help nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Dit sal ook nie goed gaan met die wingerdstok wanneer die tweede arend hom op ’n nuwe plek plant nie. Wanneer die oostewind begin waai, dan sal die wingerdstok heeltemal droog word. Dit sal droog word daar waar dit gegroei het.”

11Ek het gehoor die Here sê vir my:

12“Jy moet asseblief vir die opstandige volk vra: ‘Weet julle wat dit beteken?’ Jy moet dit vir hulle verduidelik en jy moet sê: ‘Die koning van Babel het na Jerusalem gekom. Hy het die koning en die amptenare gevat en hy het hulle na hom toe geneem in Babel.

13En toe het hy iemand uit die koningshuis geneem. Die koning van Babel het ’n ooreenkoms met hom gemaak en hy het gesê die man moet belowe om hom, die koning van Babel, te dien. Die koning van Babel het die belangrike mense weggeneem uit die land

14sodat die nuwe koning van Jerusalem sal weet dat hy nie belangrik is nie en dat hy nie moet probeer om belangrik te wees nie. Hy moes doen wat hy en die koning van Babel in die ooreenkoms besluit het, dan kon hy koning in Jerusalem bly.

15Maar toe het die koning van Jerusalem opstandig geword teen die koning van Babel en hy het boodskappers na Egipte gestuur om perde en baie soldate te kry. Sal dit goed gaan met hom? Nee! Iemand wat so iets doen en wat ’n ooreenkoms breek, sal nie vry wegkom nie.’ ”

16Die Here, Hy wat Here is, sê: “Hierdie nuwe koning van Jerusalem sal in Babel sterf. Dit is seker, so seker soos Ek lewe. Hy sal in Babel sterf, daar waar die koning is wat vir hom koning gemaak het. Hy het nie gedoen wat hy vir die koning van Babel belowe het nie. Hy het ’n ooreenkoms gemaak met die koning van Babel, maar hy het die ooreenkoms gebreek.

17Die koning van Babel sal grond gooi teen die muur van Jerusalem en hy sal ’n grondwal bou. Hy sal die stad van al die kante aanval sodat hy baie mense kan doodmaak, maar die farao sal nie sy baie soldate stuur om die koning van Jerusalem te kom help in die oorlog nie.

18Die koning van Jerusalem het nie gedoen wat hy belowe het nie, hy het die ooreenkoms gebreek. Hy het belowe en hy het die koning van Babel se hand geskud, maar toe doen hy al hierdie ander dinge. Daarom sal hy nie vry wegkom nie.”

19Die Here, Hy wat Here is, sê: “Hy het nie gedoen wat hy vir My belowe het nie. Daarom sal Ek hom straf. Dit is seker, so seker soos Ek lewe. Hy het my verbond gebreek.

20Ek sal my vangnet oor hom gooi en Ek sal hom na Babel bring. Daar sal Ek hom straf omdat hy My verraai het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Die vyande sal al sy soldate doodmaak wat saam met hom vlug, en hulle sal die
mense wat oorbly, na al die kante toe jaag. Julle sal weet dat Ek gepraat het, Ek, die
Here."

22Die Here, Hy wat Here is, sê: "Ek sal self die boonste stukkie van die sederboom
neem en Ek sal dit plant. Ek sal 'n klein takkie van sy boonste punt afbreek en Ek sal
dit plant op 'n hoë en belangrike berg.

23Ek sal die takkie plant op die hoë berg van Israel, en die plant sal takke kry en
vrugte dra. Dit sal 'n groot en belangrike sederboom word. Al die voëls sal onder die
boom kom sit, alles wat vlieg, sal kom sit in die skaduwee van sy takke.

24Al die bome in die veld sal weet dat Ek die Here is wat groot bome klein maak en
wat klein boompies groot maak. Hulle sal weet dat Ek die Here is wat groen bome
droog laat word en wat droë bome weer groen laat word. Ek, die Here, het gepraat,
en Ek sal dit doen."

Esegiël 18

Die Here wil hê dat mense hulle lewens moet verander sodat hulle kan aanhou lewe

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2"Hoekom gebruik julle hierdie spreekwoord oral in die land? Julle sê: 'Die pa's het
groen druiwe geëet, en toe het die kinders se tande stomp geword.' "

3Die Here, Hy wat Here is, sê: "Julle mag nie hierdie spreekwoord weer in die volk
Israel gebruik nie. Dit is seker, so seker soos Ek lewe.

4Julle moet dit weet, almal se lewe behoort aan My, die lewe van die pa en die lewe
van die kind. Hulle behoort aan My. Die persoon wat sonde doen, hý sal sterf.

5"Iemand wat reg lewe en wat reg doen, soos Ek wil hê,

6eet nie offer-etes op die berge nie, hy hou nie van die afgode van die volk Israel
nie, hy maak nie iemand anders se vrou onrein nie, hy slaap nie by 'n vrou
wat menstrueer nie,

7hy verdruk niemand nie, hy gee die goed terug wat hy geneem het omdat iemand
nie sy skuld kon betaal nie, hy vat nie ander mense se goed nie, hy gee vir honger
mense kos en hy gee klere vir mense wat nie klere het nie,

8hy sê nie dat mense rente moet betaal wanneer hy vir hulle geld leen nie, en
wanneer hy sê dat hulle rente moet betaal, dan vra hy nie te veel rente nie, hy doen
nie verkeerde dinge nie, hy oordeel reg tussen mense,

9hy lewe soos Ek sê en hy doen wat Ek wil hê, hy doen die regte dinge. "So 'n mens
lewe reg. Hy sal aanhou lewe, dit is seker." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10“Maar so ’n mens het miskien ’n wilde seun wat mense vermoor en wat party van
hierdie verkeerde dinge doen.

11Die pa het nie een van hierdie dinge gedoen nie, maar die seun eet offer-etes op
die berge, of hy maak iemand anders se vrou onrein,

12of hy verdruk mense wat hulleself nie kan help nie en wat niks het nie, of hy vat
ander mense se goed, of hy gee nie iets terug wat hy geneem het omdat iemand
hom nie kon betaal nie, of hy hou van afgode en hy doen dinge wat Ek haat,

13of hy sê dat iemand rente moet betaal wanneer hy vir hom geld leen, en wanneer
hy sê dat iemand rente moet betaal, dan vra hy te veel rente. “As die seun hierdie
dinge doen, dan sal hy nie aanhou lewe nie. Hy het al hierdie dinge gedoen wat Ek
haat, en hy sal sterf, dit is seker. Dit sal sy eie skuld wees.

14“Maar so ’n seun kan die pa word van ’n seun wat al die sondes sien wat sy pa
doen en wat dan self nie daardie sondes doen nie.

15Hy eet nie offer-etes op die berge nie, hy hou nie van die afgode van die volk Israel
nie, hy maak nie iemand anders se vrou onrein nie,

16hy verdruk niemand nie, hy vat nie iets by iemand wanneer hy vir hom iets leen
nie, hy vat nie ander mense se goed nie, hy gee vir honger mense kos en hy gee klere
vir mense wat nie klere het nie.

17Die goeie seun doen reg aan mense wat hulleself nie kan help nie, hy sê nie dat
iemand rente moet betaal wanneer hy vir hom geld leen nie, en wanneer hy sê dat
iemand rente moet betaal, dan vra hy nie te veel rente nie. Die goeie seun doen wat
Ek wil hê en hy lewe soos Ek sê. “So iemand sal nie sterf omdat sy pa verkeerd
gedoen het nie, hy sal aanhou lewe, dit is seker.

18Maar sy pa het mense verdruk, hy het hulle goed gevat en hy het niks goed gedoen
in sy land nie, dáárom het die pa gesterf oor sy sonde.

19En julle vra hoekom Ek nie ’n seun straf oor die sonde van sy pa nie? Die seun het
reg gedoen en reg gelewe, hy was gehoorsaam aan alles wat Ek gesê het en hy het
dit gedoen. Hy sal aanhou lewe, dit is seker.

20Die persoon wat sonde doen, is die persoon wat sal sterf. Ek sal nie ’n seun straf
oor die sonde van sy pa nie en Ek sal nie ’n pa straf oor die sonde van sy seun nie. Dit
sal goed gaan met die mens wat reg doen en dit sal sleg gaan met die mens wat
verkeerd doen.

21“En wanneer iemand wat altyd verkeerd gedoen het, ophou om al die sondes te
doen wat hy gedoen het en hy lewe dan soos Ek sê en hy doen reg, dan sal hy
aanhou lewe, dit is seker, hy sal nie sterf nie.

© Bible Society of South Africa.

22Ek sal nie daaraan dink dat hy opstandig was nie. Hy sal aanhou lewe omdat hy reg gedoen het."

23Die Here, Hy wat Here is, sê: "Ek wil glad nie hê dat die persoon wat verkeerd doen, moet sterf nie, Ek wil hê hy moet sy lewe verander sodat hy kan aanhou lewe.

24"En wanneer iemand wat altyd reg gedoen het, ophou om reg te doen en hy doen verkeerd, dan sal hy nie aanhou lewe nie, want hy doen die dinge wat Ek haat, die dinge wat die mense doen wat altyd verkeerd doen. Ek sal nie dink aan alles wat hy gedoen het wat reg was nie. Hy was ontrou en hy het sonde gedoen, daarom sal hy sterf.

25Julle sê Ek doen nie reg nie. Luister, volk Israel, is dit Ék wat nie reg doen nie of is dit júlle wat nie reg doen nie? Dit is júlle wat nie reg doen nie!

26Wanneer iemand wat altyd reg gelewe het, ophou om reg te lewe en hy doen verkeerde dinge, dan sal hy daaroor sterf. Hy sal sterf omdat hy verkeerd gedoen het.

27En wanneer iemand wat altyd verkeerd gedoen het, ophou om verkeerd te doen en hy doen reg, dan red hy sy eie lewe.

28Hy het gesien wat kan gebeur en hy het opgehou om opstandig te wees, daarom sal hy lewe, dit is seker. Hy sal nie sterf nie.

29Maar die volk Israel sê Ek doen nie reg nie. Hoekom sê julle so? Mense van Israel, dit is nie Ék wat verkeerd doen nie, dit is júlle wat nie reg doen nie!

30Daarom sal Ek elkeen van julle oordeel oor wat hy gedoen het. Julle moet julle lewe verander en julle moet ophou om opstandig te wees. As julle dit nie doen nie, dan sal julle sonde soos 'n klip wees, en julle sal daaroor val." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

31Julle moet ophou om opstandig te wees, julle moet 'n nuwe hart en 'n nuwe gees kry. Mense van Israel, hoekom wil julle sterf?

32Die Here, Hy wat Here is, sê: "Ek wil nie hê dat mense moet sterf nie, Ek wil hê hulle moet hulle lewe verander sodat hulle kan aanhou lewe."

Esegiël 19

'n Klaaglied oor die konings van Israel

1Die Here het gesê: "En jy, mens, jy moet 'n klaaglied begin sing oor die konings van Israel.

2Jy moet sê: "Jou ma was 'n groot leeu-wyfie tussen die leeus. Sy het tussen die jong leeus gelê en sy het haar klein welpies grootgemaak.

© Bible Society of South Africa.

3Sy het een van haar welpies gekies, en hy het ’n sterk jong leeu geword. Hy het
geleer om vir homself kos te vang, hy het mense geëet.

4Maar die ander volke het gehoor van hom en hulle het hom in ’n vang-gat gevang,
hulle het hom met groot ysterhoeke na Egipte gebring.

5Die leeu-wyfie het gesien dat haar plan nie geslaag het nie. Sy het ’n ander welpie
geneem en sy het hom ’n sterk jong leeu gemaak.

6Hy het tussen die leeus rondgeloop en hy het ’n groot jong leeu geword. Hy het
geleer om vir homself kos te vang, hy het mense geëet.

7Hy het by hulle weduwees geslaap en hy het hulle stede verwoes. Almal in die land
het bang geword wanneer hy brul.

8Maar mense het die volke bymekaargebring teen hom, die volke uit al die lande
rondom hom. Hulle het hulle vangnet oor hom gegooi en hulle het hom gevang in
hulle vang-gat.

9Toe het hulle hom in ’n hok gesit en hulle het hom met ysterhoeke na die koning
van Babel gebring. Niemand het weer gehoor dat hy brul op die berge van Israel nie.

10“Jou ma is soos ’n wingerdstok. Iemand het die wingerdstok geplant by die water.
Die wingerdstok het baie ranke gehad en dit het baie druiwe gedra omdat daar baie
water was.

11Die wingerdstok het sterk ranke gekry. ’n Mens kon septers vir konings maak van
die ranke. Die wingerdstok het hoog gegroei, sy boonste punt was tussen die wolke.
Almal kon sien hy is groot en hy het baie ranke.

12Maar mense het kwaad geword vir die wingerdstok. Hulle het hom uitgeruk, en
die oostewind het hom droog laat word. Hulle het sy druiwe afgepluk, sy sterk ranke
het droog geword en hulle het dit verbrand.

13En toe plant hulle die wingerdstok in die woestyn, in ’n droë land waar daar nie
water is nie.

14En daar het vuur gekom uit die wingerdstok se stam en dit het die ranke en die
druiwe verbrand. Toe was daar nie meer ’n sterk tak wat ’n koning se septer kon
wees nie.” Dit is ’n klaaglied hierdie. Dit het ’n klaaglied geword.

Esegiël 20

Die Here sal die Koning van Israel wees en Hy sal kwaai oor hulle regeer

1Dit was in die sewende jaar, op die tiende dag van die vyfde maand. Party van die
leiers van Israel het gekom om vir die Here te vra wat sal gebeur, en hulle het voor
my kom sit.

© Bible Society of South Africa.

2Ek het gehoor die Here sê vir my:

3“Mens, jy moet praat met die leiers van Israel. Jy moet vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Het julle gekom om vir My te vra wat sal gebeur? Ek sal julle nie antwoord nie, dit is seker, so seker soos Ek lewe.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

4“Mens, sal jy hulle oordeel, sal jy hulle oordeel? Dan moet jy vir hulle vertel van die dinge wat hulle voorvaders gedoen het, dinge wat Ek haat.

5Jy moet vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Die dag toe Ek vir Israel gekies het en toe Ek vir die nageslag van die huisgesin van Jakob belowe het wat Ek sal doen, daardie dag het Ek in die land Egipte gewys het wie Ek is, en Ek het vir hulle belowe en gesê: Ek is julle God die Here.

6Daardie dag het Ek vir hulle belowe dat Ek hulle uit Egipte sal bring na ’n land wat Ek vir hulle uitgesoek het, ’n land waar daar baie melk en heuning is, die mooiste van al die lande.

7“En Ek het vir hulle gesê: ‘Julle almal hou van die vuil afgode, maar julle moet hulle weggooi. Julle moenie julleself onrein maak met die afgode van Egipte nie. Ek is julle God die Here.’

8Maar hulle was opstandig teen My, hulle wou nie luister na My nie. Nie een van hulle het die vuil afgode waarvan hy hou, weggegooi nie, hulle het nie die afgode van Egipte gelos nie. Ek het gedink Ek sal hulle daar in Egipte straf en Ek sal aanhou totdat Ek nie meer kwaad is nie.

9“Maar Ek het dit nie gedoen nie. Die Israeliete het tussen ander volke gewoon, en daardie volke het gehoor dat Ek belowe het om die Israeliete uit Egipte te bring. Ek is die Here, Ek wou nie hê dat daardie volke moet dink Ek kan nie doen wat Ek belowe het nie.

10Ek het die Israeliete toe uit Egipte laat kom en Ek het hulle na die woestyn gebring.

11Ek het vir hulle gesê wat Ek wil hê hulle moet doen. Ek het vir hulle geleer om te weet dat hulle sal aanhou lewe as hulle doen wat Ek besluit.

12Ek het ook vir hulle my Sabbatdae gegee, dit was ’n teken tussen My en hulle. Hulle moes weet dat Ek, die Here, hulle gekies het om my gewyde volk te wees.

13Maar die volk Israel was opstandig teen My in die woestyn. Hulle het nie gelewe soos Ek wil hê nie. Hulle het gedink die dinge wat Ek besluit, is nie belangrik nie en hulle het dit nie gedoen sodat hulle kon aanhou lewe nie. Hulle het aangehou om my Sabbatdae te ontwy, en Ek het gedink Ek sal hulle daar in die woestyn straf en hulle almal doodmaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14“Maar Ek het dit nie gedoen nie. Ek is die Here. Die ander volke het gesien dat Ek die Israeliete uit Egipte gebring het en Ek wou nie hê dat daardie volke moet dink Ek kan nie doen wat Ek belowe het nie.

15Ek het ook daar in die woestyn vir hulle gesê dat Ek hulle nie by die land sal bring wat Ek vir hulle wou gee nie, ’n land waar daar baie melk en heuning is, die mooiste van al die lande.

16Ek het dit gesê omdat hulle gedink het die dinge wat Ek besluit, is nie belangrik nie en omdat hulle nie gelewe het soos Ek wil hê nie en omdat hulle my Sabbatdae ontwy het. Hulle het die afgode gedien wat hulle graag wou hê.

17Maar Ek was jammer vir hulle en Ek het hulle nie doodgemaak nie. Ek het hulle nie almal daar in die woestyn laat sterf nie.

18Ek het daar in die woestyn vir hulle kinders gesê: ‘Julle moenie lewe soos julle voorvaders altyd gelewe het nie, julle moenie doen wat hulle besluit het nie en julle moenie julleself onrein maak met hulle afgode nie.

19Ek is julle God die Here. Julle moet lewe soos Ek wil hê en julle moet die dinge doen wat Ek besluit.

20Julle moet my gewyde Sabbatdae hou. Die Sabbatdae moet ’n teken wees tussen My en julle, sodat julle sal weet dat Ek julle God die Here is.’

21Maar die kinders was opstandig teen My. Hulle het nie gelewe soos Ek vir hulle gesê het nie, hulle het gedink die dinge wat Ek besluit, is nie belangrik nie en hulle het dit nie gedoen sodat hulle kon aanhou lewe nie. Hulle het aangehou om my Sabbatdae te ontwy. Ek het gedink Ek sal aanhou om hulle daar in die woestyn te straf totdat Ek nie meer kwaad is nie.

22“Maar Ek het dit nie gedoen nie. Ek is die Here. Die ander volke het gesien dat Ek die Israeliete uit Egipte gebring het, en Ek wou nie hê dat daardie volke moet dink Ek kan nie doen wat Ek belowe het nie.

23Ek het daar in die woestyn vir hulle gesê dat Ek hulle sal injaag tussen die volke in en dat Ek hulle in ander lande sal laat woon.

24Ek het dit gedoen omdat hulle nie gedoen het wat Ek besluit het nie. Hulle het gedink die dinge wat Ek wil hê, is nie belangrik nie, hulle het my Sabbatdae ontwy en hulle het gehou van die afgode van hulle voorvaders.

25Ek self het hulle toe dinge laat doen wat nie goed is nie, Ek het dinge besluit wat hulle nie sou laat aanhou lewe nie.

26Ek het hulle onrein laat word van die offers wat hulle moes bring. Hulle moes hulle oudste seuns verbrand. Ek wou hulle so bang laat word dat hulle sou weet dat Ek die Here is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

27Mens, daarom moet jy praat met die volk Israel, jy moet vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Julle voorvaders het My beledig toe hulle heeltemal ontrou geword het aan My.

28Ek het hulle gebring na die land wat Ek vir hulle belowe het. Maar toe hulle al die hoë heuwels en die groen bome sien, het hulle daar ge-offer en presente neergesit om My te verneder. Hulle het wierook gebrand en drank-offers uitgegooi.

29Ek het toe vir hulle gevra: 'Wat beteken die offer-plekke waarnatoe julle gaan?' Hulle noem daardie plekke nou nog offer-plekke.

30"Daarom, jy moet vir die volk Israel sê: Die Here, Hy wat Here is, vra: Het julle soos julle voorvaders gelewe en julleself onrein gemaak? Dien julle hulle vuil afgode en is julle ontrou aan My?

31Julle sit presente neer vir die afgode, julle verbrand julle kinders, julle maak julleself onrein met julle afgode, tot vandag toe. Volk Israel, moet Ek julle antwoord as julle vir My vra wat sal gebeur? Ek sal julle nie antwoord nie, dit is seker, so seker soos Ek lewe." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

32"Julle dink julle wil wees soos die ander volke, soos die mense in ander lande wat offers bring vir hout en klip, maar dit sal nie gebeur nie."

33Die Here, Hy wat Here is, sê: "Ek sal julle Koning wees, dit is seker, so seker soos Ek lewe. Ek sal kwaai oor julle regeer en Ek sal julle laat swaarkry en julle straf.

34Ek was kwaai met julle en Ek het julle laat swaarkry. Ek het julle gestraf en Ek het julle na ander lande gejaag. Maar Ek sal julle bymekaarbring uit daardie lande, Ek sal julle uitbring tussen die volke.

35Ek sal julle na die woestyn bring tussen die land Babel en die land Israel, en daar sal Ek self vir julle oordeel.

36Ek het julle voorvaders ge-oordeel in die woestyn tussen Egipte en Israel, Ek sal julle ook so oordeel.

37Ek sal julle almal tel en Ek sal julle gehoorsaam maak aan die verbond.

38Ek sal almal wat opstandig is teen My en wat nie na My wil luister nie, apart sit. Ja, Ek sal hulle uithaal uit die lande waar hulle woon, maar hulle sal nie in die land Israel kom nie. Julle sal weet dat Ek die Here is."

39Die Here, Hy wat Here is, sê: "En julle, volk Israel, as julle nie gehoorsaam wil wees aan My nie, dan moet elkeen van julle sy afgode gaan dien. Maar julle moenie aanhou om my heilige Naam te ontwy nie. Julle doen dit wanneer julle presente bring en wanneer julle afgode dien."

Die hele volk Israel sal die Here dien op sy gewyde berg

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

40Die Here, Hy wat Here is, sê: “Dit is seker, die hele volk Israel sal My dien op
my gewyde berg, op die hoë berg van Israel. Almal in die land, die hele volk Israel,
sal My daar dien. Daar sal Ek hulle aanvaar en daar sal Ek julle presente wil hê en
julle beste offers saam met alles wat julle aan My wy.

41Ek het julle na ander lande gejaag, maar Ek sal julle tussen daardie volke uitbring
en Ek sal julle bymekaarmaak. Julle sal dan vir My wees soos ’n wierook-offer. Die
volke sal sien dat Ek die heilige God vir julle is.

42Julle sal weet dat Ek die Here is wanneer Ek julle bring na die land Israel, na die
land wat Ek aan julle voorvaders belowe het.

43Daar sal julle onthou hoe julle gelewe het en wat julle alles gedoen het toe julle
julleself onrein laat word het. Julle sal naar en siek voel oor al die slegte dinge wat
julle gedoen het.

44Volk Israel, julle sal weet dat Ek die Here is wanneer Ek vir julle wys wie Ek is en
wanneer Ek julle nie straf oor julle slegte lewe en oor die slegte dinge wat julle
gedoen het nie.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Die Here sal ’n vuur aansteek

45Ek het gehoor die Here sê vir my:

46“Mens, jy moet jou gesig na die suide draai, jy moet praat teen die suide, jy moet
my boodskap bring na die bos in die Suid-land.

47Jy moet vir die bos in die Suid-land sê: Jy moet hoor wat sê die Here. Die Here, Hy
wat Here is, sê: Ek sal ’n vuur aansteek teen jou, en die vuur sal elke groen boom en
elke droë boom in jou verbrand. Niemand sal die vlamme kan doodmaak wat brand
nie. Almal se gesigte sal brand, van die suide tot die noorde.

48Almal wat lewe, sal sien dat Ek, die Here, die vuur aangesteek het, en niemand sal
die vuur doodmaak nie.”

49Ek het toe gesê: “Ag, Here, my Here, die mense sê ek probeer om slim dinge te sê
wat hulle nie kan verstaan nie.”

Esegiël 21

Die Here sê Hy is nou Israel se vyand

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet na Jerusalem kyk en jy moet praat teen die gewyde plekke, jy moet
my boodskap bring na die land Israel.

3Jy moet vir die land Israel sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Israel, Ek is nou jou
vyand, Ek sal my swaard uit sy leersak haal en Ek sal almal in jou doodmaak, al die
mense wat reg gedoen het en almal wat verkeerd gedoen het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Ek wil almal in jou doodmaak, die mense wat reg gedoen het en die mense wat
verkeerd gedoen het, daarom sal my swaard uit sy leersak gaan na almal wat lewe,
van die suide tot die noorde.

5Dan sal almal wat lewe, weet dat Ek my swaard uit sy leersak gehaal het, en die
swaard sal nie teruggaan na sy leersak nie.

6En jy, mens, jy moet kla en huil en op die grond val, jy moet baie hartseer wees en
hard kla, die mense moet dit sien en hoor.

7En wanneer hulle vir jou vra hoekom jy kla, dan moet jy sê: 'Ek doen dit omdat ek
iets gehoor het. Almal sal bang wees en almal se hande sal slap hang, almal sal
moedeloos wees en hulle water sal afloop teen hulle knieë. Julle moet weet, dit kom,
dit sal gebeur.' " Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Die Here het sy swaard skerpgemaak om mense dood te maak

8Ek het gehoor die Here sê vir my:

9"Mens, jy moet my boodskap bring en vir die mense sê: Die Here sê ek moet sê dat
Hy sy swaard skerpgemaak en blinkgevryf het.

10Hy het dit skerpgemaak om mense dood te maak, Hy het dit blinkgevryf sodat dit
soos weerlig kan blink. Mag ons bly wees wanneer ons koning wys dat hy dink
niemand is belangrik nie? Nee!

11Die Here het die swaard blink laat vryf en Hy gee dit vir iemand om dit vas te hou
en gereed te wees. Die swaard is skerp en blink, en die Here gee dit vir die persoon
wat die mense moet doodmaak.

12Mens, jy moet skree en huil. Hoekom? Want hy sal die swaard gebruik teen my
volk, dit sal almal doodmaak wat regeer oor Israel. Ek gee hulle saam met my volk
sodat die swaard hulle kan doodmaak. Dit is hoekom jy moet wys dat jy kwaad en
ontsteld is. Dit is hoekom jy met jou hande teen jou heupe moet slaan

13wanneer Ek my volk toets soos 'n mens metaal in die vuur toets. Wat sal gebeur
met die volk wanneer die koning nie meer belangrik is vir hulle nie?" Dit het die Here
gesê, Hy wat Here is.

14"En jy, mens, jy moet my boodskap bring, jy moet jou hande teen mekaar slaan, jy
moet met die swaard steek, twee maal, drie maal. Dit is 'n swaard wat mense laat
sterf, dit is 'n swaard wat hulle van al die kante steek en wat baie mense laat sterf.

15Die swaard laat hulle baie bang word, dit laat baie mense val en sterf, dit maak
hulle dood in al hulle poorte. Ja, Ek het die swaard gemaak om te blink, Ek het dit
skerpgemaak om mense dood te maak.

16Swaard, jy moet die mense aanval, oral waar Ek jou stuur, na regs en na links.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Dan sal Ek self ook my hande teen mekaar slaan en Ek sal nie meer kwaad wees nie.”

Die koning van Babel is die swaard van die Here

18Ek het gehoor die Here sê vir my:

19“En jy, mens, jy moet twee paaie gereedmaak. Die koning van Babel moet op twee paaie kom met sy swaard. Die twee paaie moet uit dieselfde land kom. Jy moet ’n padteken maak waar die pad na die stad begin. Jy moet dit doen

20om die pad te wys waar die koning met sy swaard kan kom, die pad na die stad Rabba van die Ammoniete of die pad na Juda, na die stad Jerusalem wat sterk mure het.

21Want die koning van Babel staan by die plek waar die twee paaie bymekaarkom en hy soek ’n teken wat vir hom sal wys waarnatoe hy moet gaan. Hy skud sy pyle, dit moet wys waarnatoe hy moet gaan, hy vra vir die beeldjies wat hy moet doen, hy slag ’n dier en hy kyk hoe die dier se lewer lê.

22En dan kry hy ’n teken, dit wys dat hy na Jerusalem moet gaan en dat hy stormramme moet gereedmaak. Hy moet vir sy soldate skree en sê hulle moet gereed wees om die mense dood te maak, hy moet skree en sê die oorlog moet begin. Hy moet stormramme by die poorte laat neersit, hy moet grond gooi teen die muur, hy moet ’n grondwal bou.

23Die mense in Jerusalem sal dink die teken is vals, want hulle het belowe om die koning van Babel te dien, maar hy sal vir hulle sê wat hulle verkeerd gedoen het en hoekom hy hulle wil vang.”

24Die Here, Hy wat Here is, het gesê: “Julle het self gewys dat julle skuldig is en opstandig was. Almal kon sien dat julle sonde doen met alles wat julle doen. Daarom sal die koning van Babel dit vir julle sê en hy sal julle vang.

25En jy, koning van Israel, jy is skuldig en jy sal sterf, jou laaste dag het gekom, die tyd het gekom om jou die laaste maal te straf.”

26Die Here, Hy wat Here is, sê vir die koning van Israel: “Jy moet jou tulband en jou kroon afhaal. Niks sal dieselfde bly soos dit nou is nie. Almal wat nie belangrik is nie, sal nou belangrik word, en almal wat belangrik is, sal nou onbelangrik word.

27Ek sal die stad laat afbreek, daar sal net hope klippe oorbly van die stad, net hope klippe, net hope klippe. Maar Ek sal wag totdat die man kom wat die stad moet straf. Ek sal die stad vir hom gee.

28En jy, mens, jy moet my boodskap bring, jy moet vir die mense sê: Die Here, Hy wat Here is, praat met die Ammoniete wat met sy volk gespot het. Jy moet vir die swaard sê: Swaard, swaard, Ek het jou uit jou leersak gehaal om mense dood te maak, Ek het jou blink gevryf om mense dood te maak en om te blink.

© Bible Society of South Africa.

29Mense het gesê Ek het vir hulle gewys wat Ek met jou sal doen, maar dit is nie waar
nie. Die tekens wat hulle gesien het, is vals. Swaard, Ek sal jou gebruik en Ek sal die
nekke afkap van die mense wat moet sterf, die mense wat verkeerde dinge doen.
Hulle laaste dag het gekom, die tyd het gekom om hulle die laaste maal te straf.

30En dan moet die swaard teruggaan na sy leersak. Jy, koning van Babel, jy is my
swaard, jy moet teruggaan na jou land. Ek sal jou straf op die plek waar Ek jou
gemaak het, in die land van waar jy kom.

31Ek is baie kwaad vir jou, my asem is soos vuur wat jou sal brand. Ek sal jou gee vir
wrede mense wat weet hoe om dood te maak.

32Die vuur sal jou brand en jou bloed sal op die grond val. Niemand sal jou onthou
nie, want Ek het gepraat, Ek, die Here."

Esegiël 22

Ek sal julle na al die kante toe jaag, tussen die ander volke in

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2"Mens, sal jy die bloedstad oordeel, die stad waar baie mense se bloed gevloei het?
Sal jy die mense van die stad oordeel? Dan moet jy vir hulle vertel van al die slegte
dinge wat hulle gedoen het.

3Jy moet sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Die mense in die stad het mense vermoor,
en nou het die tyd gekom om hulle te straf. Hulle het afgode gemaak en hulle
het onrein geword.

4Julle is skuldig, want julle het mense vermoor. Julle is onrein, want julle het afgode
gemaak. Julle het self die dag laat nader kom wanneer Ek julle sal straf, julle het self
julle dood nader gebring. Daarom gee Ek julle vir die ander volke in al die lande sodat
hulle vir julle kan spot en vir julle kan lag.

5Die volke sal almal vir julle lag, die volke wat ver van julle is en die volke wat naby
julle is. Julle het verkeerde dinge gedoen, en almal praat sleg oor julle, julle het wilde
en verkeerde dinge gedoen.

6Die leiers wat oor Israel regeer, het sterk geword, maar toe het hulle mense
vermoor, julle weet dit.

7Hulle het gemaak of die pa's en ma's by julle nie belangrik is nie, hulle het die
vreemdelinge by julle verdruk en hulle het die weeskinders en die weduwees by
julle laat swaarkry.

8Julle het gewys dat julle dink my gewyde dinge is nie belangrik nie, julle het
my Sabbatdae ontwy.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Daar is mense by julle wat sleg gepraat het oor ander mense sodat hulle moes sterf.
Daar is mense wat op die berge offer-etes geëet het, daar is mense wat dinge
gedoen het wat baie sleg is.

10Daar is mense wat by hulle pa's se vroue slaap en wat vroue verkrag, ook wanneer
die vroue menstrueer en onrein is.

11Die een man doen slegte dinge met 'n ander man se vrou, die ander man doen dit
met sy skoondogter en hy maak haar onrein, die ander man doen dit met sy halwe
suster, sy pa se dogter.

12Daar is mense wat geld vat om mense te laat sterf. Daar is mense wat vir ander
mense geld leen en wat dan sê dat die ander mense rente moet betaal, te veel
rente. Daar is mense wat ander mense bedrieg en wat hulle goed vat. Maar vir Mý
het julle vergeet." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

13"Julle moet dit weet, Ek is verbaas en kwaad, want julle vat dinge wat nie aan julle
behoort nie en julle vermoor mense.

14Die tyd kom wanneer Ek met julle sal doen wat Ek wil doen. Sal julle dan nog dink
dat julle sterk is? Nee, Ek, die Here, het gepraat en Ek sal dit doen.

15Ek sal julle na al die kante toe jaag, tussen die ander volke in, en Ek sal julle in
ander lande laat woon. Ek sal al die onrein mense wegvat uit Jerusalem.

16Al die volke weet dat julle julleself onrein gemaak het. Maar julle sal weet dat Ek
die Here is."

Ek sal julle saam laat brand in Jerusalem

17Ek het gehoor die Here sê vir my:

18"Mens, die volk Israel het vir My geword soos die skuim wanneer iemand silwer-
erts smelt in 'n oond. Maar hulle is nie silwer nie, hulle is almal koper of tin of yster
of lood."

19Die Here, Hy wat Here is, sê: "Julle het almal soos skuim geword, daarom sal Ek
julle nou in Jerusalem bymekaarbring.

20Ek sal julle daar bymekaarbring soos 'n mens silwer en koper en yster en lood
bymekaargooi in 'n smelt-oond en vuur maak om dit te laat smelt. Ek sal julle in
Jerusalem laat smelt, want Ek is kwaad vir julle, baie kwaad.

21Ek sal julle almal saam laat brand in Jerusalem, want Ek is kwaad, Ek sal julle laat
smelt.

22Julle sal in Jerusalem smelt soos silwer smelt in 'n smelt-oond. Julle sal weet en
voel dat Ek kwaad is vir julle."

Israel is 'n land waar die mense nie meer rein kan word nie

23Ek het gehoor die Here sê vir my:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24“Mens, jy moet vir die land Israel sê: Israel, jy is ’n land waar die mense nie meer rein kan word nie. Die dag het gekom wanneer Ek hulle sal straf. Daar sal niks reën op jou val nie.

25Die leiers wat oor die land regeer, is soos leeus wat brul en alles doodbyt. Hulle het mense doodgemaak en hulle het die kosbare goed vir hulleself gevat, hulle het baie vroue in die land weduwees laat word.

26Die priesters het my wette verkeerd verduidelik. Hulle het my gewyde dinge ontwy, hulle het nie die gewyde dinge apart gehou van die dinge wat nie gewy is nie, hulle het nie vir die mense geleer wat is rein en wat is onrein nie. Hulle maak of die Sabbatdag dieselfde is soos ’n ander dag. Hulle dink nie meer Ek is heilig nie.

27Die amptenare in die land is soos wolwe wat diere doodbyt en hulle bloed laat vloei. Hulle vermoor mense om daardie mense se goed te kan vat.

28Die profete het nie gepraat oor die sonde van die mense nie, hulle het stilgebly daaroor. Hulle het gelieg en gesê Ek het vir hulle dinge gewys wat sal gebeur, hulle het gesê hulle weet dinge wat ander mense nie kan weet nie. Hulle het gesê: ‘Die Here, Hy wat Here is, sê dit,’ maar die Here het dit nie gesê nie.

29Die belangrike mense in die land het die mense bedrieg wat hulleself nie kan help nie en hulle het daardie mense se goed gevat. Hulle het slegte dinge gedoen aan arm mense, hulle het vreemdelinge verdruk en nie reg gedoen aan hulle nie.

30Ek het gekyk of daar iemand by hulle is wat die mense in die land kan beskerm, iemand wat voor My kan staan in hulle plek sodat Ek nie almal in die land sal doodmaak nie. Maar Ek het nie so ’n persoon gekry nie.

31Daarom het Ek hulle gestraf. Ek was kwaad en Ek het hulle laat sterf. Ek het hulle gestraf oor die dinge wat hulle gedoen het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 23

Samaria en Jerusalem, die twee slegte vroue

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, daar was twee vroue, hulle was dogters van dieselfde ma.

3Toe hulle jonk was in Egipte, het hulle begin om by mans te slaap. Dáár, toe hulle nog jongmeisies was, het mans al aan hulle borste begin voel.

4Die naam van die oudste dogter was Ohola, en haar suster was Oholiba. Hulle het my vroue geword en hulle het seuns en dogters gekry. Ohola is ’n naam vir die stad Samaria, en Oholiba is ’n naam vir die stad Jerusalem.

5“Maar Ohola was ontrou aan My. Sy was baie verlief op die Assiriërs wat naby haar was.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6Hulle het koningsklere gedra en hulle was goewerneurs en hoofde, mooi jongmanne wat op perde gery het.

7Ohola het graag by hulle geslaap, sy het by al die beste Assiriërs geslaap. Sy was baie verlief op hulle en sy het haarself onrein gemaak met al hulle afgode.

8Sy het in Egipte begin om by mans te slaap en sy het nie opgehou om dit te doen nie. Sy was nog jonk toe hulle by haar begin slaap het. Hulle het aan haar borste begin voel toe sy 'n jongmeisie was. Hulle het met haar gedoen wat hulle wou.

9Sy was verlief op die Assiriërs, daarom het Ek haar vir hulle gegee.

10Hulle het haar kaal uitgetrek, hulle het haar seuns en haar dogters gevat en hulle het haar toe doodgemaak. Hulle het haar so swaar gestraf dat ander vroue bang geword het wanneer hulle haar naam hoor.

11"Haar suster Oholiba het gesien wat met haar gebeur het, maar Oholiba het nog meer verlief geword en sy was nog meer ontrou as haar suster.

12Sy was verlief op die Assiriërs. Hulle was goewerneurs en hoofde wat naby haar was. Hulle het mooi klere gedra en hulle het op perde gery. Hulle was almal jongmanne, meisies het maklik verlief geword op hulle.

13Ek het gesien dat Oholiba haarself onrein gemaak het. Sy het dieselfde dinge gedoen soos haar suster.

14Oholiba het meer ontrou geword. Sy het prente van mans teen 'n muur gesien, prente van Galdeërs. Iemand het die prente geteken met rooi verf.

15Elke man het 'n belt van lap om sy heupe gehad en 'n lang tulband op sy kop. Dit het gelyk of die mans offisiere is, hulle het gelyk soos Babiloniërs, soos Galdeërs wat kom uit hulle geboorteland.

16Toe Oholiba die prente sien, het sy dadelik verlief geword op die Babiloniërs. Sy het boodskappers gestuur na hulle toe in Galdeër-land.

17Hulle het na haar toe gekom en hulle het by haar geslaap en haar onrein laat word. Maar nadat sy haarself onrein gemaak het met hulle, het sy nie meer van hulle gehou nie.

18Sy was heeltemal ontrou, sy het haar klere vir almal uitgetrek. Daarom het Ek opgehou om van haar te hou, soos Ek ook opgehou het om van haar suster te hou.

19Sy het onthou hoe ontrou sy was in Egipte toe sy jonk was, en sy het nog meer ontrou geword.

20Sy wou seks hê met die manne wat soos donkie-hingste en perde-hingste was.

21Ja, Oholiba, jy het verlang na die slegte dinge wat jy in Egipte gedoen het toe jy jonk was en toe hulle aan jou borste gevoel het."

© Bible Society of South Africa.

22Die Here, Hy wat Here is, sê: “Oholiba, jy het dit gedoen, en daarom sal Ek nou die
mense bring om jou aan te val. Jy was lief vir daardie mense, maar jy hou nou nie
meer van hulle nie. Ek sal hulle van al die kante teen jou laat veg.

23Daardie mense is die Babiloniërs, al die Galdeërs, en die mense van Pekod, Soa en
Koa, en ook al die Assiriërs. Hulle is jongmanne, meisies het maklik verlief geword op
hulle. Hulle is almal goewerneurs en hoofde, offisiere en belangrike manne, manne
wat almal op perde ry.

24Hulle sal uit die noorde kom met oorlogkarre en baie soldate wat skilde en helms
het. Hulle sal jou van al die kante aanval. Ek bring hulle om jou te straf, en hulle sal
dit doen soos hulle self besluit.

25Ek is kwaad vir jou en Ek sal kwaad bly. Hulle is ook kwaad vir jou en hulle sal doen
met jou wat hulle wil. Hulle sal jou neus en jou ore afsny en hulle sal jou seuns en
dogters wegvat. Die mense wat oorbly, sal in die oorlog sterf, en die vyande sal alles
verbrand wat nog in die stad is.

26Hulle sal jou kaal uittrek en hulle sal jou juwele vir hulleself vat.

27So sal Ek jou laat ophou om slegte dinge te doen, jy sal ophou om ontrou te wees
soos jy in Egipte was. Jy sal nie weer kan dink aan daardie tyd nie.”

28Die Here, Hy wat Here is, sê: “Ja, Ek sal jou nou gee vir die mense wat jy haat, jy
hou nie meer van daardie mense nie.

29-30Hulle sal jou ook haat en hulle sal alles vat wat jy het. Dan sal hulle jou los, kaal
en sonder klere. Hulle sal vir almal wys hoe ontrou jy was en watter slegte dinge jy
gedoen het. Dit sal met jou gebeur omdat jy ontrou was. Jy was ontrou, jy het die
ander volke gevolg en jy het jouself onrein laat word omdat jy hulle afgode aanbid
het.

31Jy het gelewe soos jou suster, daarom gee Ek nou vir jou die beker van swaarkry
wat jou suster moes drink.”

32Die Here, Hy wat Here is, sê: “Jy sal die beker drink wat jou suster moes drink. Dit is
’n groot beker. Die ander volke sal vir jou lag en hulle sal jou spot, want in die beker
is daar baie wat jy moet drink.

33Jy sal dronk word en jy sal baie swaar kry. Jy sal baie bang word en jy sal heeltemal
alleen wees wanneer jy die beker drink wat jou suster Samaria moes drink.

34Jy sal alles in die beker drink en jy sal dit leegmaak, en dan sal jy die beker stukkend
kou, jy sal jou borste afskeur, want Ek het gepraat.” Dit het die Here gesê, Hy wat
Here is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

35Die Here, Hy wat Here is, sê: “Jy het My vergeet en jy het jou rug gedraai na My toe. Daarom sal Ek jou straf oor die slegte dinge wat jy gedoen het toe jy ontrou was.”

36Die Here het vir my gesê: “Mens, jy moet vir Ohola en Oholiba oordeel. Jy moet vir hulle sê hulle het dinge gedoen wat Ek haat.

37Want hulle het egbreuk gepleeg en hulle het mense vermoor. Hulle was ontrou, hulle het afgode gedien. Hulle het kinders gekry, dit was mý kinders, maar hulle het daardie kinders ook verbrand sodat die afgode hulle kon eet.

38En hulle het ook nog dít gedoen: Hulle het op een dag my tempel onrein gemaak en my Sabbatdae ontwy.

39Hulle het op een dag hulle kinders geslag vir hulle afgode en hulle het my tempel kom ontwy. Ja, dit is wat hulle gedoen het binne-in my tempel.

40Hulle het ook boodskappers gestuur om manne te nooi, die manne moes van ver kom. Toe die boodskapper by hulle kom, het hulle dadelik gekom. Jy, Oholiba, het gebad en jy het verf aan jou oë gesmeer en jy het jou juwele aangesit.

41Jy het gaan sit op ’n baie mooi bed, en jy het ’n tafel voor die bed gesit. Op die tafel het jy my wierook en my olyf-olie gesit.

42Daar was ’n klomp mense in die stad, en hulle was oor niks bekommerd nie. Saam met hulle almal was daar ook die manne wat uit die woestyn gekom het. Hulle was dronk en hulle het armbande aan Oholiba se arms gesit en ’n mooi kransie op haar kop.

43Ek het gedink: Sy is moeg van egbreuk pleeg, wil sy nou aanhou om ontrou te wees?

44Maar hulle het na haar toe gekom soos manne wat na ’n prostituut toe kom. Dit is hoe hulle gekom het na Ohola en Oholiba toe, die slegte vroue.

45Manne wat reg doen, moet hierdie vroue oordeel. Hulle moet hulle oordeel soos mense vroue oordeel wanneer hulle egbreuk gepleeg het en mense vermoor het. Want hierdie twee vroue het egbreuk gepleeg en hulle het mense vermoor.”

46Ja, die Here, Hy wat Here is, sê: “Jy moet ’n volksvergadering laat bymekaarkom om die twee vroue te oordeel. Almal moet skrik wanneer hulle sien wat met die vroue gebeur, almal moet sien dat daar niks van hulle oorbly nie.

47Die volksvergadering moet die twee vroue doodgooi met klippe en stukkend kap met byle. Hulle moet ook die twee vroue se kinders doodmaak en hulle huise verbrand.

48So wil Ek die slegte dinge in die land stop. Al die vroue moet bang word, hulle moenie dieselfde slegte dinge doen nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

49So sal julle die straf kry vir die slegte dinge wat julle gedoen het toe julle die afgode
gedien het. Julle sal weet dat Ek die Here is, Hy wat Here is."

Esegiël 24

Dit sal sleg gaan met die bloedstad

1Ek het gehoor die Here praat met my. Dit was in die negende jaar, in die tiende
maand, op die tiende dag van die maand. Hy het gesê:

2"Mens, jy moet opskryf watter dag dit is, presies hierdie datum. Die koning van
Babel het Jerusalem vandag aangeval.

3Jy moet vir hierdie opstandige volk 'n gelykenis vertel. Jy moet vir hulle sê: Die
Here, Hy wat Here is, sê: Jy moet 'n pot op die vuur sit, jy moet dit opsit en jy moet
water daarin gooi.

4Dan moet jy die stukke vleis in die pot sit, boude en skouerblaaie, jy moet dit
volmaak met die beste vleis en bene.

5Jy moet van die beste skape en bokke neem, jy moet hout onder die pot pak, en jy
moet alles kook. Jy moet die vleis en die bene in die pot gaarmaak."

6Die Here, Hy wat Here is, sê: "Waarlik, dit sal sleg gaan met die stad waar baie
mense se bloed gevloei het. Die stad is soos 'n pot wat geroes is, die roes kan nie
afkom nie. Jy moet elke stuk vleis uithaal, jy moenie uitsoek en kies nie.

7Want die mense in die stad het mense vermoor, en hulle het die bloed van daardie
mense op 'n kaal rots laat bly lê, hulle het nie die bloed op die grond uitgegooi sodat
die stof dit kan toemaak nie.

8Ek het die bloed daar op die kaal rots laat bly waar almal dit kon sien. Die bloed
moes My baie kwaad laat word, sodat Ek hulle sal straf."

9Die Here, Hy wat Here is, sê: "Daarom, dit sal sleg gaan met die bloedstad. Ek sal
self 'n groot vuur maak.

10Jy moet baie hout bring, jy moet die vuur aansteek en die vleis gaarmaak. Jy
moet speserye by die vleis gooi en jy moet die bene verbrand.

11Dan moet jy die pot leegmaak en jy moet dit op die vuur laat staan sodat dit baie
warm kan word. Doen dit sodat die pot rooiwarm word en alles kan smelt wat die
pot onrein maak. Dan sal die roes kan afkom.

12Iemand wat probeer om die roes af te brand, sal hard probeer en moeg word,
maar die roes aan die pot sal nie afkom nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Jy, Jerusalem, is onrein, jy het slegte dinge gedoen. Dit is die roes aan die pot. Ek
wou jou rein laat word, maar jy het nie rein geword nie en jy sal nie rein word nie. Ek
is kwaad en Ek sal jou straf.

14Ek, die Here, het gepraat. Jou straf sal kom, Ek sal dit doen. Ek sal dit nie los nie, Ek
sal nie jammer wees vir jou nie, Ek sal nie my plan verander nie. Ek sal jou straf oor
die dinge wat jy gedoen het." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Ek sal die tempel laat ontwy

15Ek het gehoor die Here sê vir my:

16"Mens, Ek weet jy is baie lief vir iemand. Ek wil daardie persoon skielik wegneem,
maar jy moenie rou en huil nie, jou trane moenie vloei nie.

17Jy moet saggies kla en sug sodat niemand jou hoor nie, jy moenie huil en treur nie.
Jy moet jou tulband op jou kop hou en jy moet jou skoene aan jou voete hou. Jy
moenie jou gesig toemaak nie en jy moenie begrafnis-kos eet nie."

18Ek het in die oggend met die volk gepraat, en my vrou het daardie aand gesterf.
Die volgende oggend het ek gedoen wat die Here vir my gesê het.

19En toe vra die mense vir my: "Sê asseblief vir ons, wat beteken hierdie dinge wat jy
doen, wat beteken dit vir ons?"

20Ek het toe vir hulle gesê: "Ek het gehoor die Here sê vir my:

21Jy moet vir die volk Israel sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Julle is trots op
my tempel, julle dink die tempel beskerm julle. Julle is lief vir die tempel en julle is
bly dat dit hier is. Maar Ek sal die tempel laat ontwy. Die vyande sal julle wegvat, en
julle seuns en dogters wat in die stad oorbly, sal in oorlog sterf.

22Dan sal julle doen wat ek nou doen. Julle sal nie julle gesigte toemaak nie en julle
sal nie begrafnis-kos eet nie.

23Julle tulbande sal op julle koppe wees en julle skoene sal aan julle voete wees. Julle
sal nie rou en huil nie. Julle sondes sal julle swak laat word, julle sal by mekaar sit en
kla.

24Esegiël sal vir julle 'n teken wees. Julle sal doen wat hy nou doen. Wanneer dit
gebeur, dan sal julle weet dat Ek die Here is, Hy wat Here is.

25En jy, mens, hulle dink die tempel beskerm hulle. Die tempel is vir hulle mooi en
hulle is bly dat dit daar is, hulle is lief vir die tempel en dit maak die lewe vir hulle
mooi. Maar Ek sal dit wegvat van hulle, en Ek sal ook hulle seuns en hulle dogters
wegvat.

26Wanneer Ek dit doen, dan sal iemand wat vry weggekom het uit Jerusalem, na jou
toe kom en hy sal die slegte nuus vir jou vertel.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Daardie dag sal jy weer kan praat. Jy sal met die man praat en jy sal vir jou mense ’n teken wees, en hulle sal weet dat Ek die Here is.”

Esegiël 25

Die Ammoniete

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet jou gesig na die Ammoniete toe draai en jy moet my boodskap teen hulle bring.

3Jy moet vir die Ammoniete sê: Julle moet luister na wat die Here sê, Hy wat Here is. Die Here, Hy wat Here is, sê: Julle het lekker gekry toe die vyande my tempel ontwy het, toe hulle die land Israel verwoes het, en toe die volk Juda gevangenes geword het.

4Daarom sal Ek nou die Oosmense laat wen teen julle en Ek sal hulle in julle land laat woon. Hulle sal hulle tente opslaan tussen julle en húlle sal julle vrugte eet en julle melk drink.

5Ek sal die stad Rabba ’n veld maak waar kamele kan wei, en julle land sal ’n plek word waar skape en bokke kan lê. Julle sal weet dat Ek die Here is.”

6Ja, die Here, Hy wat Here is, sê: “Julle het julle hande geklap en julle voete gestamp en gewys hoe bly julle is, want julle haat die land Israel.

7Daarom sal Ek nou my hand teen julle uitsteek om julle te straf. Ek sal ander volke bring om julle te vang en weg te vat. Ek sal julle wegvat tussen die volke en Ek sal julle laat verdwyn uit die lande. Ek sal julle almal laat sterf, en julle sal weet dat Ek die Here is.”

Die Moabiete en die Ammoniete

8Die Here, Hy wat Here is, sê: “Die mense van Moab en Seïr het gesê die volk Juda is dieselfde soos al die ander volke.

9Daarom sal Ek die grens van die land Moab oopmaak sodat die vyande kan inkom in die land, Ek sal die stede op die grens vir hulle oopmaak, die pragtige land rondom die stede Bet-Jesimot, Baäl-Meon en Kirjatajim.

10Ek sal die lande van die Moabiete en die Ammoniete vir die Oosmense gee, dit sal aan hulle behoort. Niemand van die ander volke sal nog aan die Ammoniete dink nie.

11Ek sal die Moabiete straf, en hulle sal weet dat Ek die Here is.”

Die Edomiete

12Die Here, Hy wat Here is, sê: “Die Edomiete het baie slegte dinge gedoen aan die volk Juda. Die Edomiete is skuldig, hulle het slegte dinge gedoen aan die mense van Juda.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Daarom sal Ek my hand uitsteek teen die land Edom om die mense te straf, Ek sal
mense en diere in die land laat sterf. Daar sal net hope klippe oorbly in die land, van
die stad Teman tot by die stad Dedan. Die mense sal in oorlog sterf.

14Ek sal my volk Israel gebruik om die Edomiete te straf. Ek is kwaad, en my volk sal
in die land Edom doen wat Ek wil hê, Ek wil wys dat Ek kwaad is. Die Edomiete sal
weet dat Ek hulle straf." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Die Filistyne

15Die Here, Hy wat Here is, sê: "Die Filistyne het slegte dinge gedoen aan ander
mense. Hulle het die ander mense altyd gehaat en hulle wou almal doodmaak.

16Daarom sal Ek nou my hand teen die Filistyne uitsteek om hulle te straf. Ek sal
hierdie Kreta-mense almal laat sterf en Ek sal almal laat verdwyn wat langs die see
woon.

17Ek is kwaad en Ek sal hulle baie swaar straf. Hulle sal weet dat Ek die Here is
wanneer Ek hulle straf."

Esegiël 26

Die stad Tirus sal verdwyn

1Die Here het met my gepraat. Dit was in die elfde jaar, op die eerste dag van die
maand. Ek het gehoor die Here sê vir my:

2"Mens, die mense van die stad Tirus het slegte dinge gesê van Jerusalem. Hulle het
gesê: 'Ons is bly! Die poort van die volke lê stukkend. Die stad is oop vir ons. Ons sal
ryk word, want Jerusalem is nou net 'n hoop klippe.' "

3Die Here, Hy wat Here is, sê: "Tirus, Ek is nou jou vyand. Ek sal baie volke laat kom
om jou te verwoes en plat te trap, hulle sal kom soos die see se branders wat oor
alles spoel.

4Hulle sal die mure van die stad Tirus verwoes en sy torings afbreek. Ek sal die grond
wegkrap waarop die stad staan, net kaal klippe sal oorbly.

5Tirus sal 'n plek word waar mense hulle visnette droogmaak. Ek het gepraat. Die
ander volke sal alles vat wat in Tirus is." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

6"Vyande sal die mense wat in die dorpe buite Tirus woon, doodmaak in die oorlog.
Almal sal weet dat Ek die Here is."

7Ja, die Here, Hy wat Here is, sê: "Ek sal nou vir koning Nebukadnesar van Babel bring
om Tirus aan te val. Hy is die koning oor al die konings en hy sal kom met perde
en oorlogkarre en met manne op perde en baie soldate.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Hy sal die mense doodmaak wat woon in die dorpe buite Tirus. Hy sal ’n grondwal bou en hy sal grond gooi teen die muur van die stad. Hy sal skild-dakke tot by die mure bring.

9Hy sal met ’n stormram teen die mure stamp en hy sal die torings stukkend slaan met ysters.

10Hy sal baie perde hê, die stof wat die perde maak, sal die hele stad toemaak. Niks sal hom keer nie. Wanneer hy deur die poorte kom, dan sal die mure van Tirus begin bewe, want die manne op die perde en die oorlogkarre sal baie raas.

11Sy perde sal die strate stukkend trap met hulle pote, hy sal die mense in die stad doodmaak en hy sal die sterk pilare omgooi.

12Hulle sal die goed in die stad vir hulleself vat en hulle sal al die winkels leegmaak. Hulle sal die mure en die mooi huise afbreek en hulle sal die hele stad in die see gooi, die klippe en die hout en die grond.

13So sal Ek die mense van Tirus laat ophou om vrolik te sing. Niemand sal weer die musiek van hulle liere hoor nie.

14Ek sal net kaal klippe laat oorbly waar die stad was. Dit sal ’n plek wees waar mense hulle visnette droogmaak. Niemand sal weer die stad bou nie, want Ek, die Here, het gepraat.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

15Die Here, Hy wat Here is, sê vir die stad Tirus: “Die ander lande by die see sal begin bewe wanneer die vyande jou oorwin, wanneer jou mense wat seergekry het, kla en skree, en wanneer die vyande jou mense doodmaak.

16Almal wat regeer oor die lande by die see, sal afklim van hulle trone. Hulle sal hulle bo-klere afhaal, hulle sal hulle bont klere afruk, hulle sal bewe en op die grond gaan sit. Hulle sal aanhou bewe, hulle sal skrik wanneer hulle jou sien.

17Hulle sal ’n klaaglied begin sing oor jou. Hulle sal sing en hulle sal oor jou sê: “Ag, Tirus, jy is weg. Mense het oor die see gekom om in jou te woon. Almal het geweet van jou, jou mense het regeer op die see. Almal was bang vir julle, vir jou en die mense wat in jou gewoon het.

18Vandag het vyande jou oorwin, en nou bewe die mense op die eilande. Jy is weg, en die mense in die lande by die see het groot geskrik.”

19Ja, die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek sal jou verwoes, jy sal soos baie ander stede word, niemand woon nou daar nie. Ek sal die diep water oor jou laat kom, die groot see sal jou toemaak.

20Dan sal Ek jou laat afgaan saam met die ander stede wat na die doderyk gaan, na die mense toe wat lank gelede gesterf het en in die doderyk is. Ek sal jou laat woon in die onderwêreld soos die ander stede wat lank gelede hope klippe geword het.

© Bible Society of South Africa.

Niemand sal weer in jou woon nie, Ek sal nie weer vir jou ’n plek gee in die wêreld nie.

21Ek laat mense bang word wanneer hulle jou sien, en jy sal sterf, jou vyande sal jou verwoes, jy sal verdwyn. Mense sal jou soek, maar hulle sal jou nie kry nie, nooit nie.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 27

’n Klaaglied oor die stad Tirus

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“En jy, mens, jy moet ’n klaaglied sing oor die stad Tirus.

3Tirus is by die see en daardie mense koop en verkoop goed aan die volke van baie lande by die see. Jy moet vir Tirus sê: “Die Here, Hy wat Here is, sê: Tirus, jy het altyd gesê jy is ’n mooi stad, so mooi soos die mooiste stad.

4Jy regeer tot ver op die diep see, en die mense wat jou gebou het, het jou soos ’n mooi skip gemaak, so mooi soos die mooiste skip.

5Hulle het jou twee kante gemaak van sipreshout van die land Senir, hulle het ’n sederboom op die Libanon-berg gaan haal om vir jou ’n maspaal te maak,

6hulle het jou roeispane gemaak van eikehout van Basan, hulle het jou dek gemaak van sipreshout van die Kittiër-eilande, en hulle het stukkies ivoor ingesit in die dek.

7Jou seile was van bont linne van Egipte. Die seile het vir ander skepe gewys wie jy is. Jy het jou toegemaak met pers en rooi wol-materiaal van die Elisa-eilande.

8Mense van die stede Sidon en Arwad het jou geroei. Jy self, Tirus, het mense gehad wat die see geken het, hulle was jou matrose.

9Leiers van die stad Gebal was die mense wat die plekke moes toemaak waar water ingekom het, hulle kon dit goed doen. Al die skepe, en die mense op hulle, het na jou toe gekom om goed by jou te koop en om goed aan jou te verkoop.

10Mense van die lande Paras, Lud en Put was jou soldate. Hulle het hulle skilde en hulle helms in jou opgehang. Almal kon toe sien hoe belangrik jy is.

11Jou soldate was op die mure rondom jou, by hulle was daar ook manne van die stad Arwad, en op jou torings was daar manne van die stad Gammad. Hulle het hulle klein ronde skilde opgehang teen jou mure. Dit het jou mooi gemaak, so mooi soos die mooiste stad.

12Mense van die land Tarsis het vir jou goed gekoop en verkoop. Jy het baie goed gehad, hulle het dit geruil vir silwer, yster, tin en lood.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13 Mense van die lande Griekeland, Tubal en Mesek was jou handelaars. Hulle het slawe en bronsgoed geruil vir jou goed.

14 Die handelaars van die stad Bet-Togarma het perde en muile geruil vir jou goed.

15 Mense van die stad Dedan was jou handelaars. Mense van baie lande langs die see het vir jou goed gekoop en verkoop. Hulle het vir jou ivoor en ebbehout gegee om te betaal vir die goed.

16 Jy het baie goed gemaak, en mense van die land Aram het daardie goed vir jou verkoop. Hulle het turkoois, pers wol-materiaal, bont materiaal, linne, koraal en robyne geruil vir jou goed.

17 Mense van die lande Juda en Israel was ook jou handelaars. Hulle het koring van die land Minnit, vye, heuning, olyf-olie en balsemgom vir jou gegee vir jou goed.

18 Jy het baie goed gemaak, en mense van die stad Damaskus het daardie goed vir jou verkoop. Hulle het wyn van die stad Gelbon en wol van die stad Sagar gekry vir jou goed.

19 Mense van die stad Dan en van Griekeland het goed van die stad Usal gegee vir jou goed. Dit was ystergoed, kaneel en kalmoes.

20 Mense van die stad Dedan was jou handelaars vir saalkleedjies.

21 Mense van die land Arabië en die konings van die land Kedar, het lammers, skaap-ramme en bok-ramme vir jou gegee vir jou goed.

22 Handelaars van die lande Skeba en Rama was jou handelaars. Hulle het van die beste balsem en kosbare klip en goud vir jou gegee vir jou goed.

23 Mense van die stede Haran, Kanne en Eden, handelaars van die lande Skeba, Assirië en Kilmad was ook jou handelaars.

24 Hulle het baie mooi klere, skouerdoeke van blou en bont materiaal, bont matte en sterk, gedraaide tou vir jou gegee vir jou goed.

25 Skepe van Tarsis het geseil om vir jou goed te koop en te verkoop. Jy was ’n skip vol swaar goed in die middel van die see.

26 Jou manne wat jou geroei het, het jou ver in die diep see gebring, en daar het die sterk oostewind jou stukkend gebreek in die middel van die see.

27 Toe jy daardie dag sink, het alles saam met jou gesink in die middel van die see: alles wat jy gehad het en wat jy geruil het, jou matrose, die manne wat die plekke moes toemaak waar water ingekom het, jou handelaars, al jou soldate, al jou mense wat op jou was.

28 Die land het gebewe toe jou matrose begin skree en vra dat iemand hulle moet help.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29Al die manne wat roei, het afgeklim van hulle skepe, en die matrose het op die land
gaan staan.

30Hulle het hard begin skree oor jou, hulle het gehuil en gevra dat iemand hulle moet
help, hulle het stof op hulle koppe gegooi en hulle het op die ashoop rondgerol.

31Hulle het hulle koppe kaal geskeer oor jou en hulle het rouklere aangetrek, hulle
was hartseer en hulle het gehuil oor jou. Hulle was baie hartseer.

32Hulle het gehuil en het begin om ’n klaaglied te sing oor jou. Hulle het gesê: Wie is
soos Tirus wat stil geword het in die middel van die see?

33Die handelaars het die goed wat jy geruil het, oor die see gebring, en toe het baie
volke genoeg gehad om van te lewe, meer as genoeg. Jy het die konings van die
aarde ryk gemaak met jou baie goed wat jy geruil het.

34Maar nou lê jy stukkend in die diep water, jou goed en al jou mense in jou het
saam gesink.

35Almal wat woon in die lande langs die see het baie bang geword oor wat met jou
gebeur het. Hulle konings het geskrik en hulle bewe, hulle gesigte trek skeef.

36Die handelaars van die volke fluit oor jou, hulle skrik oor wat met jou gebeur het.
Jy sal nooit weer ’n stad wees nie.”

Esegiël 28

Die koning van Tirus sal sterf

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet vir die koning van die stad Tirus sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Jy
was baie hoogmoedig, jy het gesê: ‘Ek is ’n god, ek woon in die middel van die see in
die plek waar die gode woon.’ Maar jy is ’n mens, jy is nie ’n god nie. Jy het gemaak
of jy ’n god is.

3Jy het meer wysheid gehad as Daniël, jy kon help met al die probleme.

4Jy het jou wysheid en verstand gebruik om ryk te word. Jy het jou stoorkamers vol
goud en silwer gemaak.

5Jy het jou groot wysheid gebruik om goed te koop en te verkoop en jy het nóg ryker
geword. Maar toe het jy hoogmoedig geword omdat jy ryk is.”

6Die Here, Hy wat Here is, sê: “Jy het gemaak of jy ’n god is,

7daarom sal Ek vreemde mense bring om jou aan te val. Hulle is wrede mense en
hulle sal jou met hulle swaarde doodmaak, jy, die mooi en wyse koning. Hulle sal jou
lig dof laat word.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Hulle sal jou laat afgaan na die doderyk, jy sal in die middel van die see sterf soos iemand in ’n oorlog sterf.

9Sal jy dan nog sê dat jy ’n god is, daar voor die mense wat jou doodmaak? Sal jy dit sê wanneer hulle met jou doen wat hulle wil? Nee. Jy is ’n mens, jy is nie ’n god nie.

10Jy sal sterf, en niemand sal jou respekteer nie. Vreemde mense sal jou doodmaak, want Ek het gepraat.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

‘n Klaaglied oor die koning van Tirus

11Ek het gehoor die Here sê vir my:

12“Mens, jy moet ’n klaaglied begin sing oor die koning van die stad Tirus. Jy moet vir hom sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Jy was op ’n baie mooi seël, jy was vol wysheid en jy was so mooi soos die mooiste mens.

13Jy was in Eden, die godetuin, en jou klere was van al die kosbare edelstene: karneool, topaas, jaspis, chrisoliet, oniks, opaal, saffier, t urkoois en smarag. Ek het jou tamboeryne van goud gemaak en Ek het jou uit goud gesny. Dit is hoe Ek jou gemaak het.

14Jy het gelyk soos ’n gerub, jou vlerke was oop en jy moes die tuin beskerm. Ek het jou op die heilige godeberg gesit. Jy het daar tussen die blink edelstene geloop.

15Jy het heeltemal reg gelewe vandat Ek jou gemaak het. Maar toe het jy begin om verkeerd te doen.

16Jy het meer en meer goed gekoop en verkoop, maar jy het ook meer en meer slegte dinge aan jou mense gedoen. Jy het sonde gedoen, en daarom het Ek jou weggevat van die godeberg. Jy was die gerub wat die tuin moes beskerm, maar Ek het jou weggevat tussen die blink edelstene.

17Jy het hoogmoedig geword omdat jy mooi was, jy het jou wysheid verloor toe die lig om jou geskyn het. Ek het jou op die grond gegooi voor die konings en Ek het jou daar laat lê sodat hulle jou kon sien.

18Jy het baie verkeerde dinge gedoen, jy was baie onregverdig toe jy goed gekoop en verkoop het. So het jy jou tempels ontwy. Daarom het Ek vuur in jou laat kom, en dit het jou gebrand, jy het as geword op die grond. Almal kon dit sien.

19Al die volke wat jou geken het, het geskrik toe hulle sien wat gebeur het met jou. Jy het baie wreed gesterf, jy sal nooit weer lewe nie.”

Vyande sal die stad Sidon aanval

20Ek het gehoor die Here sê vir my:

21“Mens, jy moet jou gesig na die stad Sidon draai, en jy moet my boodskap teen die stad bring.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Jy moet sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Sidon, Ek is nou jou vyand. Ek sal vir die
mense in jou wys dat Ek die Koning is. Ek sal hulle straf en Ek sal vir hulle wys dat Ek
die heilige God is, dan sal hulle weet dat Ek die Here is.

23Ek stuur pes in die stad. Die bloed sal vloei in die strate. Vyande sal die stad aanval
van al die kante, en die dooie mense sal op die strate lê. Die mense van die stad sal
weet dat Ek die Here is.

24Die volke rondom die volk Israel het gewys dat hulle dink Israel is nie belangrik nie,
hulle was soos dorings wat aangehou het om vir Israel te steek. Wanneer Ek daardie
volke straf, dan sal dit nie weer gebeur nie."

Die volk Israel sal weer kom woon in die land

25Die Here, Hy wat Here is, sê: "Die volk Israel sal weer kom woon in die land wat Ek
vir my dienaar Jakob gegee het. Ek sal die volk Israel bymekaarmaak oral tussen die
volke waar hulle moes gaan woon, en Ek sal vir hulle wys dat Ek die heilige God is.

26Israel sal veilig in die land woon. Hulle sal huise bou en wingerde plant en hulle sal
veilig woon. Dit sal gebeur wanneer Ek al die volke rondom hulle straf, die volke wat
gewys het dat hulle dink Israel is nie belangrik nie. Israel sal weet dat Ek hulle God
die Here is."

Esegiël 29

Egipte sal 'n plek word waar nie mense woon nie

1Die Here het met my gepraat. Dit was in die tiende jaar, in die tiende maand, op die
twaalfde dag van die maand. Ek het gehoor die Here sê vir my:

2"Mens, jy moet jou gesig draai na die farao toe, die koning van Egipte. Jy moet 'n
boodskap van My vir hom bring en vir almal in die land Egipte.

3Jy moet praat en vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Farao, koning van Egipte,
Ek is jou vyand. Jy is die groot watermonster wat in sy eie rivier lê en wat sê: 'Dit is
my rivier, ék het dit gemaak.'

4Ek sal ysterhoeke aan jou kakebeen sit en Ek sal die visse in jou rivier laat vassit aan
jou skubbe. Dan sal Ek jou uit jou rivier optrek saam met al jou rivier se visse wat
vassit aan jou skubbe,

5en Ek sal jou en die visse van jou rivier in die woestyn weggooi. Jy sal op die grond
val, en niemand sal jou stukke bymekaarmaak en op een plek sit nie. Ek gee jou vir
die wilde diere en die voëls, hulle sal jou opvreet.

6Almal wat in Egipte woon, sal weet dat Ek die Here is. Die volk Israel het gedink die
Egiptenaars sal hulle help, maar die Egiptenaars was soos 'n kierie van riet vir die
volk Israel.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Toe Israel die kierie vat, toe breek die kierie en dit sny sy skouer. Toe Israel op die kierie wou rus, toe breek die kierie stukkend en hulle kon nie regop staan nie."

8Die Here, Hy wat Here is, sê: "Ek sal nou oorlog na jou land stuur omdat dit gebeur het. Ek sal al die mense en die diere in Egipte laat sterf.

9Egipte sal 'n plek word waar daar nie mense woon nie, die land sal net hope klippe wees. Hulle sal weet dat Ek die Here is, want die farao het gesê: 'Dit is mý rivier, dit is ék wat hom gemaak het.'

10Daarom is Ek jou vyand en jou rivier se vyand. Ek sal Egipte verwoes, niemand sal daar kan woon nie, van die stad Migdol tot by die stad Sewene en tot by die grens van die land Kus.

11Mense of diere sal nie weer deur die land loop nie, nie een nie, en 40 jaar lank sal niemand daar woon nie.

12Ek sal Egipte 'n land laat word waar niemand kan woon nie, 'n land tussen ander lande waar ook niemand woon nie. Ek sal die stede van Egipte plekke maak waar niemand kan woon nie, sy stede sal wees tussen ander stede wat hope klippe geword het. Daar sal 40 jaar lank niemand in Egipte woon nie, Ek sal die Egiptenaars na al die kante toe jaag tussen die ander volke in en Ek sal hulle in ander lande laat woon."

13Die Here, Hy wat Here is, sê: "Maar wanneer die 40 jaar verby is, dan sal Ek die Egiptenaars bymekaarmaak tussen die volke waar hulle moes gaan woon,

14en Ek sal dinge verander vir Egipte. Ek sal hulle terugbring na die land Patros, die land waar hulle voorheen gewoon het. Daar sal hulle 'n klein, onbelangrike volk wees.

15Hulle sal die onbelangrikste van al die lande wees en hulle sal nie weer probeer om te regeer oor ander lande nie. Ek sal hulle so klein maak dat hulle nie weer oor ander volke sal kan regeer nie.

16Die volk Israel sal nie weer wil hê dat Egipte hulle moet help nie. Israel sal onthou hoe verkeerd hulle gedoen het toe hulle gevra het dat Egipte hulle moet help. Hulle sal weet dat Ek die Here is."

Die Here gee die land Egipte vir die koning van Babel

17Die Here het met my gepraat. Dit was die 27ste jaar, in die eerste maand, op die eerste dag van die maand. Ek het gehoor die Here sê vir my:

18"Mens, koning Nebukadnesar van Babel het sy soldate baie hard laat werk toe hy die stad Tirus oorwin het. Elke soldaat se kop was kaal en sy skouer was stukkend. Maar Nebukadnesar en sy soldate het nie uit Tirus 'n beloning gekry vir die harde werk wat hulle teen die stad gedoen het nie."

© Bible Society of South Africa.

19Die Here, Hy wat Here is, sê: “Daarom gee Ek nou die land Egipte vir koning
Nebukadnesar van Babel. Hy sal die goed van Egipte wegdra, hy sal alles vat wat hy
daar kry. Dít sal die beloning wees vir sy soldate.

20Ek gee die land Egipte vir koning Nebukadnesar, dít sal sy beloning wees omdat hy
vir My gewerk het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

21“Daardie dag sal Ek begin om vir Israel weer sterk te maak. Ek sal vir jou, Esegiël,
weer sê om met hulle te praat, en hulle sal weet dat Ek die Here is.”

Esegiël 30

Nebukadnesar en sy mense sal die land Egipte verwoes

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet ’n boodskap van My bring, jy moet sê: Die Here, Hy wat Here is, sê:
“Julle moet huil, julle moet sê: ‘Ag, die dag is hier.’

3Want die dag is naby, die dag van die Here is naby, dit sal ’n donker dag wees, ’n
tyd wanneer die Here die volke sal straf.

4’n Leër sal na Egipte kom, en die mense in die land Kus sal bang word. Die vyande
sal mense in Egipte laat sterf. Hulle sal die goed van die land vir hulleself vat en hulle
sal die geboue afbreek tot op hulle fondamente.

5Die mense van die lande Kus, Put en Lud, al die soldate uit ander lande, die mense
van die land Kub en die mense van die land met wie Ek ’n verbond gemaak het, hulle
almal sal saam met die Egiptenaars sterf in die oorlog.”

6Die Here sê: “Die mense wat vir Egipte help, sal sterf. Egipte was baie trots op sy
soldate, maar hulle sal in die oorlog sterf, van die stad Migdol tot by die stad
Sewene.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

7“Egipte sal ’n land word soos ander lande waar niemand kan woon nie, en sy stede
sal wees soos ander stede wat net hope klippe is.

8Die Egiptenaars sal weet dat Ek die Here is wanneer Ek Egipte laat brand en
wanneer almal sterf wat vir hulle gehelp het.

9Die mense van Kus dink hulle is veilig, maar daardie dag sal Ek boodskappers in
skepe stuur om hulle te laat skrik. Hulle sal bang word wanneer die dag kom
wanneer Ek Egipte sal straf. Want dít moet almal weet, daardie dag kom.”

10Die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek sal vir koning Nebukadnesar van Babel gebruik om
Egipte se soldate almal te laat sterf.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Ek sal vir Nebukadnesar en sy mense bring om die land te verwoes. Hulle is wrede
mense, hulle sal hulle swaarde uithaal om teen Egipte te veg en hulle sal die land vol
dooie mense maak.

12Ek sal die riviere droog laat word en Ek sal die land vir slegte mense gee sodat hulle
kan doen wat hulle wil. Ek sal vreemde mense bring, hulle sal die land en alles wat
daarin is, verwoes. Ek, die Here, het gepraat."

13Die Here, Hy wat Here is, sê: "Ek sal die afgode laat verdwyn, Ek sal al die gode
wegvat uit die stad Memfis, daardie gode beteken niks. Daar sal nie meer 'n koning
in Egipte wees nie. Ek sal almal in Egipte bang laat word.

14Ek sal die land Patros verwoes, Ek sal die stad Soan laat brand, Ek sal die mense van
die stad No straf.

15Ek sal die mense van die stad Sin laat voel dat Ek kwaad is, Sin, die stad wat die
sterk mure het. Ek sal al die soldate in die stad No laat sterf.

16Ek sal Egipte laat brand, die mense in die stad Sin sal rondspring van pyn, die mure
van die stad No sal val, vyande sal die stad Memfis in die dag aanval.

17Die jongmanne in die stede Awen en Pi-Beset sal in die oorlog sterf, en die mense
in daardie stede sal gevangenes word, hulle sal moet weggaan.

18Dit sal in die stad Tagpanges in die dag donker word wanneer Ek die jukke breek
wat Egipte op ander volke se nekke gesit het. Daar sal dan nie soldate wees wat
Egipte sterk maak nie. 'n Wolk sal die stad toemaak, en sy mense sal gevangenes
word, hulle sal moet weggaan.

19Ek sal Egipte straf. Hulle sal weet dat Ek die Here is."

Ek sal die Egiptenaars na al die kante toe jaag tussen die ander volke in

20Die Here het met my gepraat. Dit was in die elfde jaar, in die eerste maand, op die
sewende dag van die maand. Ek het gehoor die Here sê vir my:

21"Mens, Ek het die arm gebreek van die farao, die koning van Egipte. Ek het nie sy
arm toegedraai sodat dit weer gesond kan word nie. Ek het nie 'n plank aan sy arm
vasgemaak sodat die arm weer sterk kan word en 'n swaard kan vashou nie."

22Die Here, Hy wat Here is, sê: "Daarom, Ek is nou die vyand van die farao, die koning
van Egipte. Ek sal altwee sy arms breek, die gesonde arm en die arm wat af is. Die
swaard sal uit sy hand val.

23En Ek sal die Egiptenaars na al die kante toe jaag tussen ander volke in, hulle sal
oral in ander lande moet woon.

24Ek sal die koning van Babel se arms sterk maak en Ek sal my eie swaard in sy hand
sit. Maar Ek sal die farao se arms breek, en hy sal voor die koning van Babel lê en huil
en kla soos iemand kla wanneer 'n vyand hom plat geslaan het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Ek sal die arms van die koning van Babel sterk maak, en die farao se arms sal afval. Die Egiptenaars sal weet dat Ek die Here is wanneer Ek my eie swaard in die hand van die koning van Babel sit, en wanneer hy die swaard uitsteek oor die land Egipte.

26En Ek sal die Egiptenaars na al die kante toe jaag tussen ander volke in, hulle sal oral in ander lande moet woon. Hulle sal weet dat Ek die Here is."

Esegiël 31

Assirië, die sederboom wat geval het

1Die Here het met my gepraat. Dit was in die elfde jaar, in die derde maand, op die eerste dag van die maand. Ek het gehoor die Here sê vir my:

2"Mens, jy moet vir die farao en vir al sy soldate sê: "Wie was so belangrik soos jy? Niemand.

3Kyk na Assirië. Assirië was soos 'n sederboom op die Libanon-berg. Die boom het mooi takke gehad en baie blare. Die boom was hoog en sy boonste punt was tussen die wolke.

4Daar was baie water by die sederboom. Die water het die boom groot laat word. Die diep water het hom hoog laat groei en dit het strome water laat vloei rondom die plek waar die boom gegroei het. Die strome water het gevloei na al die bome.

5Die sederboom het hoër gegroei as al die ander bome, dit het groot takke en lang blare gekry, want dit het baie water uit die waterslote gekry.

6Al die voëls het hulle neste kom maak in die takke van die groot boom, die wilde diere het kleintjies gekry onder die boom, en al die baie volke het in sy skaduwee kom woon.

7Die boom was mooi en hy was groot. Sy takke was lank, want sy wortels was by baie water.

8Die ander sederbome in die godetuin kon nie hoër groei as hy nie, die sipresbome was nie soos hy nie, en die plataanbome was nie so groot soos die sederboom se takke nie. Nie een boom in die godetuin was so mooi soos hy nie.

9Ek het die boom mooi gemaak, Ek het vir hom baie takke gegee. Al die ander bome van Eden wat in die godetuin was, was jaloers op die groot boom."

10Die Here, Hy wat Here is, sê: "Die sederboom het hoog gegroei en sy boonste punt was tussen die wolke. Toe het hy hoogmoedig geword omdat hy so groot was.

11Daarom het Ek die boom vir die sterkste man van al die volke gegee sodat hy met die boom kon doen wat hy wil. Die man het vir die boom die straf gegee wat hy moes kry, want die boom was sleg. Ek het die groot sederboom weggegooi.

© Bible Society of South Africa.

12Vreemde mense, wrede volke, het die boom afgekap en omgegooi. Sy takke het geval op die berge en in al die valleie. Sy takke het gebreek en dit het in al die waterslote gelê. Al die volke van die aarde het weggegaan uit die skaduwee van die boom en hulle het die boom daar laat lê.

13Toe die boom daar lê, het al die voëls op hom kom sit en al die diere het tussen sy takke kom staan.

14Dit het gebeur sodat almal moet weet dat ’n boom by die water nooit weer so hoog sal groei dat sy boonste punt tussen die wolke is nie. Almal moet weet dat ’n boom wat water kry, nooit weer so groot sal word nie. Almal wat soos hierdie boom is, sal moet sterf. Hulle sal afgaan na die land daar onder, hulle sal afgaan tussen die ander mense, die mense wat afgaan in die graf.”

15Die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek het die diep water laat rou oor die groot sederboom. Ek het die sederboom laat toemaak daardie dag toe hy afgegaan het na die doderyk. Ek het die riviere laat ophou vloei en Ek het die baie water teruggehou. Ek het die Libanon-berg laat rou oor die groot sederboom, en al die bome het flou geword oor die sederboom.

16Ek het die volke laat bewe toe hulle hoor hoe die boom val. Dit was toe Ek die boom laat afgaan het na die doderyk saam met die mense wat afgaan in die graf. Al die bome van Eden, die beste en mooiste bome op die Libanon-berg wat water gekry het, het beter gevoel in die land daar onder, die doderyk.

17Daardie bome het saam met die sederboom afgegaan na die doderyk, na die mense toe wat in oorlog gesterf het, die mense wat hom sterk gemaak het en wat tussen die volke in sy skaduwee gesit het.

18Farao, watter bome in Eden was so belangrik en so groot soos jy? Nie een nie. Nou sal jy ook moet sterf en afgaan na die land daar onder saam met die bome van Eden. Jy sal daar lê tussen die mense, niemand respekteer daardie mense nie. Jy sal daar lê saam met die mense wat in oorlog gesterf het, jy en al jou soldate.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 32

’n Klaaglied oor die farao

1Die Here het met my gepraat. Dit was die twaalfde jaar, in die twaalfde maand, op die eerste dag van die maand. Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet ’n klaaglied sing oor die farao, die koning van Egipte. Jy moet vir hom sê: “Jy het gedink jy is ’n leeu tussen die volke, maar Ek het jou stilgemaak. Jy was soos die watermonster, jy het in jou waterstrome rondgetrap, jy het die water vuil en vol modder gemaak met jou pote, jy het die waterstrome vuil gemaak.”

© Bible Society of South Africa.

3Die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek sal my vangnet oor jou gooi en Ek sal baie volke bymekaar laat kom. Hulle sal jou vang en optrek in my vangnet

4en Ek sal jou uitgooi op die grond. Ek sal jou in die oop veld gooi en Ek sal sê al die voëls moet op jou kom sit. Ek sal vir al die diere van die aarde sê hulle moet jou eet totdat hulle vol is.

5Ek sal jou vleis op die berge neersit en Ek sal die valleie volmaak met die stukke wat oorgebly het van jou.

6Jou bloed sal op die berge uitvloei, en Ek sal die aarde nat laat word met jou bloed, die waterslote sal vol bloed word.

7Wanneer Ek jou laat sterf, dan sal Ek die lug toemaak en Ek sal die sterre donker laat word. Ek sal die son met ’n wolk toemaak, en die maan sal nie meer sy lig laat skyn nie.

8Ek sal al die sterre donker laat word, die sterre wat in die lug skyn, en Ek sal dit donker maak in jou land.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

9“Ek sal baie volke hartseer en ontsteld maak wanneer Ek jou by die volke stukkend breek in lande wat jy nie ken nie.

10Ek sal baie volke groot laat skrik oor wat met jou gebeur. Hulle konings sal bewe oor jou wanneer Ek my swaard voor hulle swaai. Hulle almal sal aanhou bewe op die dag wanneer jy sterf.”

11Ja, die Here, Hy wat Here is, sê: “Die swaard van die koning van Babel sal na jou toe kom.

12Ek sal jou baie soldate laat doodmaak. Ek sal manne stuur wat goed oorlog kan maak. Hulle almal is wrede mense, hulle sal alles verwoes waarop Egipte trots is, hulle sal al Egipte se soldate doodmaak.

13Ek sal al die diere van Egipte laat verdwyn, die diere by die baie water. ’n Mens se voet of ’n dier se poot sal nie weer die water vuil maak nie.

14Dan sal Ek die water weer stil laat word, die riviere sal soos strome olyf-olie vloei.

15Ek sal Egipte ’n land maak waar niemand kan woon nie en Ek sal alles wegvat wat in die land is. Ek sal almal laat sterf wat in die land woon, dan sal hulle weet dat Ek die Here is.

16Hierdie lied is ’n klaaglied. Die vroue van die volke moet dit sing. Hulle moet ’n klaaglied sing oor die farao en al sy soldate.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

17Die Here het met my gepraat. Dit was in die twaalfde jaar, op die vyftiende dag van die maand. Ek het gehoor die Here sê vir my:

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18“Mens, jy moet huil en treur, jy moet sing oor die soldate van Egipte wat sal sterf.
Jy moet hulle en die vroue van belangrike volke laat gaan na die land daar onder,
saam met die mense wat afgaan in die graf.

19Jy moet vir Egipte sê: ‘Jy is nie beter as die ander lande nie, jy moet afgaan en by
die mense daar onder gaan lê, niemand respekteer daardie mense nie.’

20Egipte en al sy soldate sal val tussen die mense wat in oorlog gesterf het. Ek het
hulle vir die swaard gegee. Die vyande sal hulle wegsleep.

21Die belangrike manne wat oorlog gemaak het, sal uit die doderyk praat, hulle sal
oor Egipte en oor almal wat vir Egipte gehelp het, sê: ‘Hulle gaan af, hulle gaan lê by
die mense wat dood is. Daardie mense het in oorlog gesterf, niemand respekteer
hulle nou nie.’

22“Assirië en al sy soldate is daar. Hulle grafte is rondom hom. Hulle het almal in
oorlog gesterf.

23Die grafte van Assirië is in die verste plekke van die doderyk. Sy mense lê rondom
hom in hulle grafte. Toe hulle gelewe het, was almal bang vir hulle, maar hulle het
almal in oorlog gesterf.

24“Elam en al sy soldate is daar. Hulle grafte is rondom hom. Hulle het almal in
oorlog gesterf. Niemand respekteer hulle nou nie. Hulle moes afgaan na die land
daar onder. Toe hulle gelewe het, was almal bang vir hulle, maar nou is hulle nie
meer belangrik nie, hulle is by die mense wat in die graf afgaan.

25Elam moet gaan lê tussen die mense wat in oorlog gesterf het. Al sy soldate se
grafte is rondom hom. Niemand respekteer hulle nou nie. Toe hulle gelewe het, was
almal bang vir hulle, maar hulle het in oorlog gesterf en hulle is nie meer belangrik
nie, hulle is by die mense wat afgaan in die graf, hulle is tussen die dooie mense.

26“Mesek-Tubal en al sy soldate is ook daar. Hulle grafte is rondom hom. Niemand
respekteer hulle nou nie. Toe hulle gelewe het, was almal bang vir hulle, maar die
vyande het hulle doodgemaak.

27Mesek-Tubal en al sy soldate lê nie saam met die dapper soldate wat gesterf het en
wat apart lê nie. Die dapper soldate lê nie by die mense vir wie niemand respekteer
nie. Die dapper soldate het afgegaan na die doderyk, hulle wapens is by hulle. Hulle
swaarde lê onder hulle koppe en hulle skilde lê oor hulle bene. Toe hulle gelewe het,
was almal bang vir hulle.

28“Egipte, jy sal ook stukkend breek, en jy sal moet gaan lê saam met die ander wat
in oorlog gesterf het.

29“Edom en sy konings en die ander mense wat oor hom regeer het, is ook daar.
Hulle was sterk, maar hulle het in oorlog gesterf. Hulle lê by die dooie mense,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

niemand respekteer daardie mense nou nie, hulle is by die mense wat afgaan in die graf.

30“Al die leiers van die noorde is daar, en al die mense van Sidon wat afgegaan het saam met die mense wat in oorlog gesterf het. Hulle was sterk, hulle het ander mense bang laat word, maar nou is hulle verneder. Niemand respekteer hulle nie, hulle het gaan lê by die mense wat in oorlog gesterf het. Hulle is nou nie meer belangrik nie, hulle is by die mense wat in die graf afgaan.

31Wanneer die farao hulle sien, dan sal hy nie meer sleg voel oor al sy soldate nie, al sy soldate wat saam met hom in oorlog gesterf het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

32“Toe die farao gelewe het, het Ek almal bang laat word vir hom, maar hy moes ook gaan lê tussen die mense wat dood is, niemand respekteer hulle nou nie. Die farao en al sy soldate moes gaan lê by die mense wat in oorlog gesterf het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 33

Esegiël moet die wag wees vir die volk Israel

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet praat met die mense van jou volk, jy moet vir hulle sê: Wanneer Ek oorlog bring oor ’n land, dan sal die mense van die land een van hulle eie mense kies en hulle sal hom ’n wag maak vir hulle.

3Wat moet die wag dan doen? Wanneer hy sien die vyande kom om die land aan te val, dan moet hy die ramshoring blaas en hy moet die mense waarsku.

4Wanneer iemand die ramshoring hoor en hy doen niks, en die vyande kom en hulle maak hom dood, dan is dit sy eie skuld dat hy sterf.

5Want hy het die ramshoring gehoor, maar hy het niks gedoen nie. Dit sal sy eie skuld wees dat hy sterf. As hy geluister het toe die wag hulle gewaarsku het, dan sou hy sy lewe gered het.

6Maar wanneer die wag sien dat die vyande kom en hy blaas nie die ramshoring om die mense te waarsku nie, en die vyande kom en hulle maak iemand dood, dan sterf daardie persoon oor sy eie sonde. Maar Ek sal die wag straf omdat daardie persoon gesterf het.

7Mens, Ek het jou gekies om die wag te wees vir die volk Israel. Wanneer Ek vir jou sê dat jy hulle moet waarsku, dan moet jy dit doen.

8Wanneer Ek vir iemand wat verkeerd doen, sê dat hy sal sterf, dit is seker, en jy praat nie en jy waarsku hom nie teen sy verkeerde lewe nie, dan is dit daardie persoon se eie skuld dat hy sterf. Maar Ek sal vir jóú straf oor sy dood.

© Bible Society of South Africa.

9Maar wanneer iemand verkeerd doen, en jy waarsku hom teen sy verkeerde lewe
en jy sê vir hom hy moet ophou om verkeerd te lewe, maar hy doen dit nie, dan is dit
daardie persoon se eie skuld dat hy sterf, jy sal onskuldig wees.

10En jy, mens, jy moet vir die volk Israel sê: Julle sê: 'Ons was opstandig en ons het
baie sonde gedoen, so baie dat dit soos 'n swaar vrag is wat ons moet dra. Ons het
klaar begin om stadig te sterf, ons kan nie aanhou lewe nie.'

11Mens, jy moet vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Ek wil nie hê dat die mens
wat verkeerd doen, moet sterf nie. Dit is seker, so seker soos Ek lewe. Ek wil hê hy
moet ophou verkeerd doen sodat hy kan aanhou lewe. Israel, julle moet ophou
verkeerd doen, julle moet ophou. Hoekom wil julle sterf?

12En jy, mens, jy moet vir jou mense sê: Wanneer iemand altyd reg gelewe het, en hy
word later opstandig teen My, dan sal dit nie help dat hy voorheen reg gelewe het
nie. En wanneer iemand altyd verkeerd gedoen het, en hy hou op om verkeerd te
doen, dan sal Ek hom nie straf nie. 'n Mens wat altyd reg gelewe het en wat dan
begin sonde doen, sal nie aanhou lewe nie.

13As 'n persoon altyd reg gelewe het, en Ek sê hy sal aanhou lewe, dan moet hy nie
dink dít sal hom red nie, dan moet hy nie verkeerde dinge begin doen nie, want as hy
verkeerd begin lewe, dan sal Ek nie dink aan die tyd toe hy reg gelewe het nie. Hy sal
sterf omdat hy verkeerd gedoen het.

14As 'n persoon altyd verkeerd gedoen het, en Ek sê vir hom hy sal sterf, dit is seker,
en hy hou op om sonde te doen en hy doen reg en hy lewe reg, dan sal hy aanhou
lewe, hy sal nie sterf nie.

15Wanneer 'n persoon iets teruggee wat hy geneem het omdat iemand hom nie kon
betaal nie, wanneer hy die goed teruggee wat hy by ander mense gevat het,
wanneer hy lewe soos Ek wil hê en hy doen nie verkeerd nie, dan sal hy lewe, hy sal
nie sterf nie.

16Ek sal nie dink aan al die sonde wat hy gedoen het nie, Ek sal hom nie daaroor straf
nie. Hy doen nou reg en hy lewe reg, daarom sal hy aanhou lewe, dit is seker.

17Jou mense sê dit is nie reg dat Ek so doen nie, maar dit is húlle wat nie reg doen
nie.

18As iemand altyd reg gelewe het, maar hy hou dan op om reg te lewe en hy doen
verkeerd, dan sal hy sterf omdat hy verkeerd gedoen het.

19En as iemand altyd verkeerd gelewe het, en hy hou dan op om verkeerd te doen en
hy doen reg en lewe reg, dan sal hy aanhou lewe omdat hy reg doen en reg lewe.

20Israel, sê julle Ek doen nie reg nie? Ek sal elkeen van julle oordeel oor wat hy
doen."

Die vyande het Jerusalem oorwin

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21 Dit was die twaalfde jaar nadat ons gevangenes geword het, in die tiende maand, op die vyfde dag van die maand. Iemand wat vry weggekom het uit Jerusalem, het vir my kom sê dat die vyande die stad oorwin het.

22Die aand voordat die persoon gekom het, het ek gevoel die Here sit sy hand op my. Ek kon toe nie praat nie. Maar toe die persoon die volgende oggend by my kom, het die Here my weer laat praat.

Die Here sal die land verwoes

23Ek het gehoor die Here sê vir my:

24"Mens, die mense wat daar tussen die hope klippe in die land Israel woon, sê: 'Abraham was net een mens, en hy het die land gekry. Ons is baie mense, die Here sal die land vir ons gee.'

25Ek is die Here, Hy wat Here is. Jy moet vir hulle sê dat Ek sê: Julle eet vleis wat nog vol bloed is, julle is lief vir julle afgode, julle vermoor mense. Dink julle Ek moet nou die land vir julle gee?

26Julle wil al die probleme regmaak met die swaard, met oorlog, julle doen dinge wat Ek haat, julle maak mekaar se vroue onrein. Julle wil die land hê. Dink julle dit is reg? Nee.

27Jy moet vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Die mense wat oorgebly het en wat daar tussen die hope klippe lewe, hulle sal in oorlog sterf. Ek gee die mense wat buite in die veld is, vir die wilde diere om op te vreet. En die mense wat wegkruip in die berge of in die grotte, sal van pes sterf. Dit is seker, so seker soos Ek lewe.

28Ek sal die land verwoes, daar sal niemand meer kan woon nie, daar sal niks oorbly van alles waarop hulle trots is en wat hulle beskerm nie. Niemand sal op die berge van Israel loop nie.

29Hulle het dinge gedoen wat Ek haat. Daarom sal Ek die land verwoes sodat niemand daar kan woon nie. Dan sal hulle weet dat Ek die Here is."

Hulle sal onthou dat daar 'n profeet by hulle was

30"En jy, mens, jou mense praat oor jou oral langs die mure en by die deure van die huise. Hulle sê vir mekaar: 'Kom ons gaan hoor watter boodskap die Here vir ons gestuur het.'

31Dan kom hierdie volk van My almal na jou toe en hulle kom sit voor jou. Hulle luister na wat jy sê, maar hulle doen dit nie. Hulle sê met hulle mond dat hulle lief is vir jou, maar in hulle harte voel hulle anders, hulle soek die dinge wat die beste is vir hulleself.

32Jy is vir hulle soos iemand wat mooi sing, hy sing liedjies oor die liefde en hy speel op die lier. Hulle hoor wat jy sê, maar hulle doen dit nie.

© Bible Society of South Africa.

33Maar die dinge wat jy sê, sál gebeur, dit is seker. En dan sal hulle onthou dat daar ’n profeet by hulle was.”

Esegiël 34

Dit sal sleg gaan met die herders van Israel, hulle sorg net vir hulleself

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet my boodskap bring vir die herders van Israel. Jy moet my boodskap bring en vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Dit sal sleg gaan met die herders van Israel, hulle sorg net vir hulleself. Herders moet sorg vir die skape en bokke,

3maar julle eet die skape en bokke se vet vleis, julle maak vir julle klere van hulle wol, julle slag die vetste skape en bokke, maar julle sorg nie vir hulle nie.

4Julle het nie die swak skape en bokke gehelp om weer sterk te word nie, julle het nie die siek skape en bokke gedokter nie, julle het nie die skape en bokke wat seergekry het, se seerplekke toegedraai nie, julle het nie die skape en bokke wat verdwaal het, teruggebring nie, julle het nie die skape en bokke wat weggeraak het, gesoek nie. Nee, julle het hard en wreed oor hulle regeer.

5Vyande het hulle na al die kante toe gejaag, want daar was nie ’n herder nie. Vyande het hulle gejaag, hulle was oral, en die wilde diere het hulle opgevreet.

6My skape en bokke het rondgeswerf op al die berge en op elke hoë heuwel. Vyande het hulle gejaag, hulle was oral, en niemand het hulle gesoek of gevra waar hulle is nie.”

7Daarom, herders, julle moet hoor wat sê die Here.

8Die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek sal die herders straf. Dit is seker, so seker soos Ek lewe. Vyande het my skape en bokke vir hulleself gevat, wilde diere het my skape en bokke opgevreet, want daar was nie ’n herder nie. My herders het nie my skape en bokke gesoek nie. Die herders het net vir hulleself gesorg, hulle het nie gesorg vir my skape en bokke nie.”

9Daarom, herders, julle moet hoor wat sê die Here.

10Die Here, Hy wat Here is, sê: “Nou sal Ek die herders se vyand wees. Ek sal my skape en bokke wegvat van die herders, hulle sal nie meer herders wees en net vir hulleself sorg nie. Ek sal my skape en bokke red sodat die herders hulle nie meer kan op-eet nie.”

Die Here sal self sy skape en bokke se herder wees

11Ja, die Here, Hy wat Here is, sê: “Nou sal Ek self my skape en bokke soek en vir hulle sorg.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12’n Herder soek die skape en bokke wat wegraak uit sy trop. So sal Ek my skape en
bokke soek en Ek sal hulle red uit al die plekke waarnatoe hulle moes gaan daardie
dag toe die donker wolke gekom het.

13Ek sal hulle uitbring tussen die volke, Ek sal hulle bymekaarmaak uit die ander
lande, en Ek sal hulle na hulle eie land bring. Hulle sal wei op die berge van Israel,
langs die waterstrome en oral waar daar mense kan woon.

14Ek sal my skape en bokke laat wei op goeie weiveld. Die hoë berge van Israel sal
hulle weiveld wees. My skape en bokke sal wei op die vrugbare weiveld op die berge
van Israel.

15Ek sal self my skape en bokke se herder wees, en Ek sal hulle laat lê en rus nadat
hulle genoeg geëet het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

16“Ek sal die skape en bokke soek wat weggeraak het. Ek sal die skape en bokke
terugbring wat oral rondloop. Ek sal hulle seerplekke toedraai, Ek sal die swak skape
en bokke weer sterk laat word, maar Ek sal die vet en die sterk skape en bokke
doodmaak. Ek sal reg oordeel wanneer Ek self hulle herder is.”

Die Here sal oordeel tussen die vet en die maer skape

17Die Here, Hy wat Here is, sê: “En julle, my eie trop skape en bokke, Ek sal nou
die regter wees tussen die verskillende skape en tussen die skaap-ramme en bok-
ramme.

18Julle het op goeie weiveld gewei, maar julle was nie tevrede nie, julle het die
weiveld plat getrap wat oorgebly het. Julle het skoon water gedrink en julle het die
water vuil gemaak wat oorgebly het.

19My skape en bokke moes wei op die weiveld wat julle plat getrap het, hulle moes
die water drink wat julle vuil gemaak het.”

20Die Here, Hy wat Here is, sê: “Daarom sal Ek self oordeel tussen die vet skape en
bokke en die maer skape en bokke,

21want die vet skape en bokke het die maer skape en bokke weggestamp met hulle
skouers en hulle lywe, hulle het die maer skape en bokke met hulle horings gestoot
en weggejaag uit die trop.

22Ek sal my skape en bokke red. Niemand sal hulle kan vat nie. Ek sal oordeel tussen
die verskillende skape en bokke.”

Dawid sal die herder wees van die volk

23“Ek sal een herder kies en aanstel vir my volk, en hy sal vir hulle sorg. Ek sal
my dienaar Dawid aanstel. Hy sal vir hulle sorg, hy sal hulle herder wees.

24Ek, die Here, sal hulle God wees, en my dienaar Dawid sal oor hulle regeer. Ek, die
Here, het dit gesê.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25En Ek sal ’n verbond maak met hulle sodat hulle vrede kan hê, Ek sal die wilde diere in die land doodmaak sodat my skape en bokke veilig kan wees in die weiveld en sodat hulle tussen die bosse kan slaap.

26Ek sal dit goed laat gaan met hulle en met die land rondom my heuwel. Ek sal die reën op die regte tyd laat val. Die reën sal dit goed laat gaan met hulle.

27Daar sal vrugte aan die bome wees en daar sal baie koring wees wat die mense kan afsny. My volk sal veilig wees in hulle land. Hulle sal weet dat Ek die Here is wanneer Ek die jukke breek wat op hulle nekke is en wanneer Ek hulle red van die mense wat vir hulle slawe gemaak het.

28Ander volke sal nie meer kan kom en hulle wegvat nie, en wilde diere sal hulle nie meer kan opvreet nie. Hulle sal veilig woon en hulle sal nie meer bang wees nie.

29Ek sal alles vrugbaar maak wat hulle plant. Almal sal dit sien. My volk sal nie meer honger wees nie, en die ander volke sal hulle nie meer beledig nie.

30My volk sal weet dat Ek, hulle God die Here, by hulle is, die volk Israel sal weet dat hulle my volk is.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

31“Ja, julle is my skape en bokke, julle is die skape en bokke op my weiveld. Julle is mense, en Ek is julle God.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 35

Die Here sal die land Edom verwoes

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet jou gesig na die land Edom draai en jy moet my boodskap teen hulle bring.

3Jy moet sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Seïr-berg, Ek is jou vyand. Ek sal my hand teen jou uitsteek en Ek sal jou verwoes sodat niemand op jou kan woon nie.

4Ek sal jou stede hope klippe laat word, en jy sal ’n plek word waar niemand kan woon nie. Jy sal weet dat Ek die Here is.

5Ek sal dit doen omdat jy altyd ’n vyand van die volk Israel was, van die begin af. Jy het gehelp dat hulle vyande hulle doodmaak daardie dag toe dit met hulle baie sleg gegaan het, daardie tyd toe Ek hulle die laaste maal gestraf het.”

6Die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek sal jou vol bloed laat word, daar sal altyd bloed op jou wees, want jy het gehou daarvan om mense dood te maak. Daar sal altyd bloed op jou wees. Dit is seker, so seker soos Ek lewe.

7Ek sal die Seïr-berg verwoes, niemand sal daar kan woon nie. Ek sal elkeen laat sterf wat op die berg loop.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Die dooie mense sal oral op die berge van die land Edom lê, die dooie mense sal die
berge toemaak. Die mense wat in die oorlog gesterf het, sal op jou heuwels lê en in
jou valleie en in al jou waterslote.

9Ek sal Edom ’n plek maak waar mense nooit weer sal kan woon nie, niemand sal in
jou stede woon nie. Julle sal weet dat Ek die Here is.

10Ek sal dit doen omdat jy gesê het: ‘Daardie twee volke en die twee lande Israel en
Juda sal nou myne wees, ons sal dit vir onsself vat.’ Maar Ek, die Here, was daar by
hulle.”

11Daarom sê die Here, Hy wat Here is: “Ek sal doen met jou soos jy met hulle gedoen
het toe jy kwaad was en toe jy hulle lande vir jouself wou vat omdat jy hulle gehaat
het. Hulle sal sien wie Ek is wanneer Ek jou straf. Dit is seker, so seker soos Ek lewe.

12Jy sal weet dat Ek die Here is. Ek het gehoor toe jy die berge van Israel beledig het
en gesê het: ‘Daar woon nou niemand nie, die Here het daardie berge vir ons gegee
sodat ons hulle kan op-eet.’

13Julle het gespog, julle het baie gepraat teen My, Ek het gehoor wat julle gesê het.”

14Die Here, Hy wat Here is, sê: “Edom, Ek sal jou ’n plek maak waar niemand kan
woon nie. Wanneer Ek dit doen, dan sal die hele aarde bly wees.

15Jy was ook bly toe die land van die volk Israel ’n plek geword het waar niemand kan
woon nie. Ek sal dieselfde doen met jou. Die Seïr-berg, die hele land Edom, sal ’n plek
word waar niemand kan woon nie. Hulle sal weet dat Ek die Here is.”

Esegiël 36

Die hele volk Israel sal weer op die berge van Israel woon

1“Jy, mens, jy moet my boodskap bring vir die Israel-berge. Jy moet sê: Israel-berge,
julle moet hoor wat sê die Here.

2Die Here, Hy wat Here is, sê: Die vyande het oor julle gesê: ‘Ons is bly! Daardie
berge wat van die begin af daar was, is nou ons berge.’

3Die vyande het dit gesê, en daarom moet jy nou my boodskap vir hulle bring en sê:
Die Here, Hy wat Here is, sê: Israel-berge, die vyande het die mense weggevat wat op
julle gewoon het, die vyande het julle laat swaarkry van al die kante. Julle het aan die
ander volke behoort. Hulle het slegte dinge oor julle gesê en hulle het julle beledig.

4Daarom, Israel-berge, julle moet nou hoor wat sê die Here. Die Here, Hy wat Here is,
praat met die berge en die heuwels, met die waterslote, die valleie, die hope klippe
waar niemand woon nie, met die stede waar die mense weg is en waar die vyande
alles vir hulle gevat het. Die ander volke daar naby spot en lag oor daardie stede.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Die Here, Hy wat Here is, sê: Dit alles het gebeur, en daarom praat Ek. Ek is baie kwaad vir die ander volke en vir al die mense van Edom. Hulle het my land gevat om hulle diere daar te laat wei. Hulle het toe vrolik gelag en hulle het gewys dat hulle dink my land is nie belangrik nie.

6Daarom, jy moet my boodskap bring oor die land Israel, jy moet praat en jy moet vir die berge en die heuwels, vir die waterslote en die valleie sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Nou praat Ek, Ek is baie kwaad en ontsteld omdat die volke julle verneder het.

7Die Here, Hy wat Here is, sê: Ek tel my hand op en Ek belowe dat Ek die volke rondom julle sal verneder.

8En julle, Israel-berge, die bome op julle sal takke kry en vrugte dra vir my volk Israel, want my volk sal gou terugkom.

9Ja, Israel-berge, Ek is hier by julle. Ek sal vir julle sorg. Mense sal werk en saai op julle.

10Ek sal baie mense op julle laat woon, die hele volk Israel sal hier woon. Hulle sal die stede wat nou net hope klippe is, weer bou en hulle sal daar woon.

11Ek sal die mense en die diere op julle baie laat word. Hulle sal baie word en vrugbaar wees. Ek sal mense op julle laat woon soos voorheen en Ek sal dit beter laat gaan met julle, beter as voorheen. Julle sal weet dat Ek die Here is.

12Ek sal weer mense op julle laat loop, my volk Israel sal op julle loop. Hulle sal julle vir hulleself neem, en julle sal aan hulle behoort. Julle sal nie weer hulle kinders laat sterf nie."

13Die Here, Hy wat Here is, sê: "Israel-berge, die mense sê julle eet mense op, hulle sê julle laat julle mense se kinders sterf.

14Daarom sê Ek: Julle sal nie weer mense op-eet nie, julle sal nie weer julle mense se kinders laat sterf nie." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Ek sal vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee

15Die Here het gesê: "Ek sal keer dat die ander volke julle nie weer beledig en spot nie. Julle sal nie weer julle mense se kinders laat sterf nie."

16Ek het gehoor die Here sê vir my:

17"Mens, die volk Israel het voorheen in hulle land gewoon. Hulle het toe verkeerd gelewe en die land het onrein geword. Ek het gesien die dinge wat hulle doen, is so onrein soos 'n vrou wat menstrueer.

18Ek het kwaad geword en Ek het hulle gestraf omdat hulle mense vermoor het in die land en omdat hulle die land onrein gemaak het met afgode.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Ek het hulle na al die kante toe gejaag tussen die volke in en Ek het hulle oral in
ander lande laat woon. Ek het hulle gestraf oor die dinge wat hulle gedoen het.

20Toe hulle daar by die ander volke kom, het hulle so gelewe dat die mense sleg
gepraat het oor My. Die mense het gesê: 'Dit is die Here se volk, maar hulle moes
weggaan uit sy land.'

21Die volk Israel het my Naam ontwy tussen die volke waar hulle gekom het, en Ek
was hartseer daaroor.

22Daarom moet jy vir die volk Israel sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Israel, Ek sal iets
doen, maar Ek sal dit nie doen om júlle te help nie, Ek sal dit doen vir mý heilige
Naam. Julle het my Naam ontwy tussen die volke waar julle gekom het.

23Ek sal my groot Naam weer heilig laat wees, my Naam wat julle ontwy het tussen
die volke. Die volke sal weet dat Ek die Here is wanneer Ek iets doen met julle en
wanneer Ek vir hulle wys dat Ek die heilige God is." Dit het die Here gesê, Hy wat
Here is.

24"Ek sal julle wegneem tussen die volke, Ek sal julle uit al die lande bymekaarmaak
en Ek sal julle na julle eie land bring.

25Ek sal water op julle spat, die water sal julle rein maak. Ek sal alles wegneem wat
julle onrein maak en ook al julle afgode.

26Ek sal vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee. Ek sal die harde klip-hart uithaal
uit julle liggame en Ek sal vir julle 'n sagte hart van vleis gee.

27Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal julle laat lewe soos Ek wil hê, Ek sal julle laat
doen wat Ek sê.

28Julle sal woon in die land wat Ek vir julle voorvaders gegee het. Julle sal my volk
wees, en Ek sal julle God wees.

29Ek sal julle red van alles wat julle onrein gemaak het. Ek sal praat met die koring en
Ek sal die koring baie laat word. Julle sal nie weer honger wees nie.

30Ek sal vir die bome sê om baie vrugte te dra, en daar sal baie koring op die lande
wees. Dan sal julle nie weer honger wees en julle sal nie weer hoor hoe die ander
volke julle spot nie.

31Julle sal onthou hoe sleg julle gelewe het en julle sal onthou wat julle verkeerd
gedoen het. Julle sal naar word oor julle sondes en oor die dinge wat julle gedoen
het, dinge wat Ek haat.

32Dit is nie vir júlle wat Ek dit sal doen nie, dit moet julle weet. Israel, julle moet
skaam wees en jammer voel oor wat julle gedoen het." Dit het die Here gesê, Hy wat
Here is.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

33Die Here, Hy wat Here is, sê: “Ek sal julle reinig en Ek sal julle sonde vergewe. Daardie dag sal Ek weer mense in die stede laat woon. Hulle sal die stede weer bou, die stede wat nou net hope klippe is.

34Hulle sal weer werk in die land waar nou nie mense kan woon nie. Mense wat verbykom, sal nie weer sien dat die land leeg is nie.

35Hulle sal sê: ‘Niemand kon voorheen in hierdie land woon nie, maar dit het nou geword soos die tuin van Eden. Mense het die stede se sterk mure weer gebou en hulle het daar gaan woon, in die stede wat verwoes was en waar niemand kon woon nie.’

36Die volke wat oorgebly het rondom julle, sal weet dat Ek die Here is wat die stede weer bou wat verwoes was en wat bome plant in die grond waar niemand kon woon nie. Ek, die Here, het dit gesê en Ek sal dit doen.”

37Die Here, Hy wat Here is, sê: “Wanneer die volk Israel bid en dit vir My vra, dan sal Ek hulle baie laat word, so baie soos die mense se skape en bokke.

38Hulle sal word soos die skape en bokke van die mense wat aan My behoort, soos die skape en bokke in Jerusalem wanneer dit feestyd is. Die stede wat nou net hope klippe is, sal vol skape en bokke wees. Die mense sal weet dat Ek die Here is.”

Esegiël 37

Ek sal julle laat woon op julle eie grond

1Ek het gevoel die Here sit sy hand op my. Hy het sy Gees gestuur om my uit die stad te bring en Hy het my neergesit in ’n vallei. Die vallei was vol bene van mense wat dood is.

2Die Gees het gesê ek moet rondom die bene loop. Daar was baie bene in die vallei, en die bene was baie droog.

3Die Here het vir my gevra: “Mens, kan hierdie bene weer lewe?” Ek het geantwoord: “Here, U wat Here is, net U weet dit.”

4Toe sê die Here vir my: “Jy moet my boodskap bring vir hierdie bene, jy moet vir hulle sê: Droë bene, julle moet hoor wat sê die Here.

5Die Here, Hy wat Here is, sê vir hierdie bene: Luister, Ek sal asem in julle laat kom, en julle sal lewe.

6Ek sal spiere aan julle sit, Ek sal vleis oor julle laat kom en Ek sal vel oor julle sit. Ek sal asem in julle gee, en julle sal lewe. Julle sal weet dat Ek die Here is.”

7Ek het die boodskap vir die bene gebring soos die Here vir my gesê het. Terwyl ek dit gedoen het, het ek iets gehoor. Dit was ’n aardbewing. En toe kom al die bene na mekaar toe, elke been het gekom na die been wat by hom pas.

© Bible Society of South Africa.

8 En terwyl ek kyk, het daar spiere aan die bene gekom, vleis het die bene toegemaak,
en daar het ’n vel oor die bene gekom. Maar daar was nie asem in hulle nie.

9 Toe sê die Here vir my: “Mens, jy moet my boodskap bring vir die wind, jy moet my
boodskap bring en jy moet vir die wind sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Wind, jy
moet kom van die noorde en die suide, die ooste en die weste en jy moet in hierdie
dooie mense blaas sodat hulle kan lewe.”

10 Ek het die boodskap gebring soos die Here vir my gesê het, en toe kom daar asem
in die bene. Hulle het begin lewe en hulle het regop gestaan. Dit was baie baie
mense.

11 Die Here het vir my gesê: “Mens, hierdie bene is die hele volk Israel. Hulle sê: ‘Ons
is soos droë bene, ons kan niks meer hoop nie. Daar kan nie meer iets gebeur wat
goed is vir ons nie.’

12 Daarom, jy moet my boodskap vir hulle bring, jy moet vir hulle sê: Die Here, Hy wat
Here is, sê: My volk, Ek sal nou julle grafte oopmaak en Ek sal julle laat uitkom uit
julle grafte. Ek sal julle laat teruggaan na die land Israel.

13 My volk, julle sal weet dat ek die Here is wanneer Ek julle grafte oopmaak en
wanneer Ek julle uit julle grafte bring.

14 Ek sal my asem in julle gee, en julle sal lewe. Ek sal julle laat woon op julle eie
grond, en julle sal weet dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen.” Dit het
die Here gesê, Hy wat Here is.

Hulle sal nie meer twee volke wees nie

15 Ek het gehoor die Here sê vir my:

16 “En jy, mens, jy moet ’n plankie neem en jy moet daarop skryf ‘Vir Juda en vir die
Israeliete wat hulle bondgenote is.’ Dan moet jy nog ’n plankie neem en jy moet
daarop skryf ‘Vir Josef.’ Dit is die plankie van Efraim en al die mense van Israel wat
hulle bondgenote is.

17 Dan moet jy die twee plankies teen mekaar druk, sodat hulle in jou hand voel soos
een plankie.

18 En wanneer jou mense vir jou vra: ‘Vertel asseblief vir ons wat beteken die twee
plankies,’

19 dan moet jy vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Kyk, Ek neem die plankie van
Josef, dit is Efraim en al die Israel-stamme wat hulle bondgenote is, en Ek sit dan
daardie plankie op die plankie van Juda en Ek maak een plankie van die twee
plankies. Hulle sal soos een plankie in my hand wees.

20 Wanneer hulle sien die plankies waarop jy geskryf het, is in jou hand,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21dan moet jy vir hulle sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Ek sal nou die Israeliete wegneem tussen die volke waar hulle gekom het, Ek sal hulle bymekaarmaak van al die kante en Ek sal hulle na hulle eie land bring.

22Ek sal hulle een volk maak in die land, op die Israel-berge, en hulle almal sal een koning hê. Hulle sal nie meer twee volke wees nie en hulle sal nooit weer twee lande wees nie.

23Hulle sal ook nie weer afgode dien en dinge doen wat Ek haat nie. Hulle sal nie weer opstandig wees sodat hulle onrein word nie. Ek sal hulle red en Ek sal al hulle ongehoorsaamheid wegneem wat hulle sonde laat doen het, Ek sal hulle reinig. Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees.

24En my dienaar Dawid sal hulle koning wees. Hy sal die enigste herder vir hulle almal wees, hy sal lewe soos Ek sê en hy sal doen wat Ek wil hê.

25Die Israeliete sal in die land woon wat Ek vir my dienaar Jakob gegee het, die land waar hulle voorvaders gewoon het. Hulle sal altyd daar woon, hulle en hulle kinders en hulle kinders se kinders. My dienaar Dawid sal altyd oor hulle regeer.

26Ek sal ’n verbond maak met hulle, ’n verbond wat vir hulle vrede sal bring. Die verbond sal vir altyd wees. Ek sal vir hulle gee wat hulle nodig het en Ek sal hulle baie laat word. Ek sal my tempel altyd by hulle laat staan.

27My woonplek sal by hulle wees. Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.

28En wanneer my tempel altyd by hulle is, dan sal die ander volke weet dat dit Ek, die Here, is wat Israel aan My wy.”

Esegiël 38

Gog sal kom en hy sal die volk Israel aanval

1Ek het gehoor die Here sê vir my:

2“Mens, jy moet jou gesig draai na Gog van die land Magog. Hy is die hoof-regeerder van die volke Mesek en Tubal. Jy moet my boodskap vir hom bring.

3Jy moet vir hom sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Gog, hoof-regeerder van die volke Mesek en Tubal, Ek is nou jou vyand.

4Ek sal jou laat omdraai en Ek sal ysterhoeke in jou kakebene steek. Ek sal jou uit jou land laat kom saam met al jou soldate, jou perde en jou manne wat op perde ry. Hulle dra almal mooi klere en elkeen hou ’n skild en ’n swaard in sy hand.

5Daar is manne uit die lande Persië, Kus en Put saam met hulle, elkeen het ’n skild en ’n helm.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Daar is baie volke saam met jou, ook Gomer en Bet-Togarma, hulle kom van ver uit die noorde, met al hulle soldate.

7Jy moet gereedmaak en wag, jy en al jou soldate wat by jou bymekaargekom het, jy moet saam met hulle wag.

8Eendag, wanneer dit die regte tyd is, dan sal Ek vir jou sê wat jy moet doen. Jy sal kom na ’n land wat amper weer reg is ná die oorlog. Die berge van Israel was ’n baie lang tyd verwoes, maar daar is nou mense wat bymekaargekom het uit baie volke. Ek het gesê hulle moet uitkom tussen die ander volke, en hulle dink hulle is veilig.

9Maar jy sal soos ’n stormwind kom en jy sal hulle aanval. Jy en al jou soldate en die manne van ander volke wat saam met jou is, sal baie wees, julle sal die land toemaak soos ’n wolk.”

10Die Here, Hy wat Here is, sê: “Daardie dag sal jy dink wat jy wil doen en jy sal planne maak om slegte dinge te doen.

11Jy sal dink: Ek sal hierdie oop land aanval, ek sal kom by hierdie mense wat dink hulle is veilig, hulle dink niemand sal hulle aanval nie. Daar is nie mure om die stede waar hulle woon nie, daar is nie poorte wat hulle kan toesluit nie.

12Ek sal hulle goed vir my vat, ek sal alles vat wat hulle het. “Jy sal oorlog maak teen die stede wat verwoes was en waar nou mense woon. Jy sal oorlog maak teen die mense wat bymekaargekom het uit die ander volke, die mense wat nou vir hulleself skape en bokke en ander goed bymekaarmaak. Hulle woon in die land Israel, die belangrikste plek op die aarde.

13Die mense van die lande Skeba en Dedan, die handelaars van die land Tarsis en al sy leiers sal vir jou vra: ‘Het jy gekom om daardie mense se goed vir jouself te vat? Het jy jou soldate bymekaar laat kom om alles te vat wat daardie mense het? Wil julle hulle silwer en goud wegdra, wil julle hulle skape en bokke en hulle ander goed vat, wil julle alles vir julleself vat?’

14Mens, daarom moet jy my boodskap vir Gog bring. Jy moet vir hom sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Jy sal weet wanneer my volk in hulle land woon en dink hulle is veilig,

15en dan sal jy uit jou woonplek kom, jy sal ver uit die noorde kom. Jy sal kom saam met die mense van baie volke. Dit is manne op perde, dit is ’n baie groot leër, baie soldate.

16Jy sal kom en jy sal my volk Israel aanval, julle sal wees soos ’n wolk wat die land toemaak. Dit sal gebeur wanneer dit die regte tyd is. Ek sal jou laat kom om my land aan te val, sodat die ander volke sal weet wie Ek is, hulle sal sien Ek gebruik jou om te wys dat Ek die heilige God is.”

© Bible Society of South Africa.

17Die Here, Hy wat Here is, sê: “Gog, Ek het lank gelede oor jóú gepraat toe Ek
my dienaars, die profete van Israel, gestuur het. Hulle het in daardie tyd my
boodskap gebring en gesê dat jy my volk sal aanval.

18Daardie dag, wanneer Gog in die land Israel kom, sal Ek baie kwaad word.” Dit het
die Here gesê, Hy wat Here is.

19“Ek is baie lief vir my volk, Ek sal kwaad word wanneer jy hulle aanval. Ek sê dit
nou: Daardie dag sal daar ’n groot aardbewing kom in die land Israel.

20Alles sal bewe voor My: die visse, die voëls, die diere, die klein diertjies wat op die
grond rondkruip, en al die mense in die land. Die berge sal val, die rotse sal val, elke
muur in die land sal omval.

21Ek sal sê almal op my berge moet oorlog maak teen Gog.” Dit het die Here gesê, Hy
wat Here is. “Gog se soldate sal mekaar doodmaak.

22Ek sal pes en dood, reën-storms en hael stuur om hom te straf. Ek sal vuur
en swael op hom laat val soos reën. Dit sal ook val op sy soldate en op die baie
mense van ander volke wat by hom is.

23Ek sal vir al die volke wys dat Ek ’n groot en ’n heilige God is. Hulle sal weet dat Ek
die Here is.”

Esegiël 39

Gog en sy soldate sal in die land Israel sterf

1“En jy, mens, jy moet my boodskap bring teen Gog. Jy moet vir hom sê: Die Here, Hy
wat Here is, sê: Gog, hoof-regeerder van die volke Mesek en Tubal, Ek is jou vyand.

2Ek sal jou laat omdraai, Ek sal jou lei en Ek sal jou laat kom van ver uit die noorde, Ek
sal jou op die berge van Israel bring.

3Dan sal Ek jou boog uit jou linker-hand slaan en Ek sal jou pyle uit jou regter-hand
laat val.

4Jy sal sterf op die berge van Israel, jy en al jou soldate en die manne van ander volke
wat saam met jou is. Ek sal jou vir die roofvoëls en die wilde diere gee om op te
vreet.

5Jy sal in die veld val, want Ek het dit gesê.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

6“Ek sal die land Magog en die lande by die see aan die brand steek. Daardie mense
dink hulle is veilig, maar hulle sal weet dat Ek die Here is.

7Ek sal vir my volk Israel wys dat Ek die heilige God is. Ek sal my heilige Naam nie
weer laat ontwy nie. Die ander volke sal weet dat Ek die Here is, die Heilige God van
Israel.

© Bible Society of South Africa.

8Luister, dit kom, dit sal gebeur, dit is die dag waarvan Ek gepraat het.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

9“Die mense wat in die stede van Israel woon, sal uitgaan. Hulle sal vuurmaak en die wapens verbrand: die skilde, die pyl en boë, die stokke en die spiese. Hulle sal sewe jaar lank vuurmaak met al die wapens.

10Hulle sal nie hout in die veld gaan haal of bome afkap in die bos nie, want hulle sal vuurmaak met die wapens. Hulle sal die goed terugvat wat die vyande voorheen gevat het, hulle sal alles terugvat wat die vyande wou wegvat.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

11“Daardie dag sal Ek vir Gog ’n plek in die land Israel gee. Sy graf sal daar wees. Dit sal in die vallei oos van die Dooie See wees. Die mense wat deur die land wil gaan, kom daar verby. Maar wanneer die graf daar is, dan sal die mense nie meer daar kan verbygaan nie. Hulle sal die plek noem ‘Die vallei van Gog se soldate.’

12Die volk Israel sal sewe maande lank die dooie mense begrawe. Hulle sal dit doen om die land te reinig.

13Al die mense van die land sal die dooie mense begrawe, en wanneer Ek wys dat Ek die Koning is, dan sal almal die mense van hierdie land respekteer.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

14“Die mense van die land sal manne kies en aanstel om weer en weer deur die land te gaan en die dooie mense te begrawe, die mense wat nog nie begrawe is nie. Dan sal die land weer rein word. Ná sewe maande sal hulle weer dooie mense soek in die land,

15hulle sal deur die land gaan en wanneer hulle ’n been van ’n dooie mens sien, sal hulle ’n paar klippe daar opmekaar sit. Die manne wat die bene moet begrawe, sal dit sien en hulle sal dit gaan begrawe in die vallei van Gog se soldate.

16Daar sal later ook ’n stad wees wat daardie naam het. So sal die land weer rein word.”

Ek sal wys dat Ek lief is vir my heilige Naam

17“En jy, mens, die Here, Hy wat Here is, sê vir jou: Jy moet vir die voëls, vir alles wat vlieg, en vir al die wilde diere sê: Julle moet bymekaarkom. Julle moet van al die kante kom en julle moet rondom my fees-ete kom staan. Ek het vir julle die ete gereedgemaak, ’n groot ete op die berge van Israel. Julle moet vleis kom eet en bloed kom drink.

18Julle sal die vleis van belangrike mense eet en julle sal die bloed drink van mense wat regeer op die aarde. Hulle is almal soos die skaap-ramme en die lammers en die bok-ramme en die bulle wat vet geword het in die land Basan.

© Bible Society of South Africa.

19Julle sal vet eet, meer as genoeg, en julle sal bloed drink totdat julle dronk is by die
fees-ete wat Ek vir julle sal gereedmaak.

20Julle sal meer as genoeg eet by die ete wat Ek gee. Julle sal die perde en die manne
van die oorlogkarre eet, ook die soldate en almal wat oorlog gemaak het." Dit het die
Here gesê, Hy wat Here is.

21"Ek sal vir die volke wys dat Ek die Koning is. Al die volke sal sien dat Ek die vyande
gestraf het, hulle sal sien dat Ek my hand op hulle gesit het.

22En die volk Israel sal weet dat Ek hulle God die Here is, van daardie dag af, vir altyd.

23Die ander volke sal weet dat die volk Israel gevangenes in ander lande geword het
omdat hulle verkeerd gedoen het, omdat hulle ontrou was aan My. Daarom het Ek
my gesig weggedraai van hulle en Ek het hulle vir hulle vyande gegee, sodat hulle
almal in oorlog gesterf het.

24Ek het hulle gestraf omdat hulle onrein en opstandig was, Ek het my gesig
weggedraai van hulle."

25Die Here, Hy wat Here is, sê: "Maar nou sal Ek dit weer goed laat gaan met
die nageslag van Jakob, Ek sal weer goed wees vir die hele volk Israel, Ek sal wys dat
Ek lief is vir my heilige Naam.

26Hulle sal in hulle land woon en veilig wees, hulle sal vir niemand bang wees nie,
maar hulle sal vir altyd skaam wees omdat hulle ontrou was aan My.

27Ek sal hulle terugbring uit die ander volke en Ek sal hulle bymekaarmaak uit die
lande van hulle vyande. Ek sal al die volke laat sien dat Ek die heilige God is.

28Dan sal hulle weet dat Ek hulle God die Here is. Ek het hulle gevangenes laat word
by die ander volke, maar Ek het hulle weer laat bymekaarkom in hulle eie land. Ek
het nie een van hulle in die ander lande laat agterbly nie.

29Ek sal nie weer my gesig wegdraai van die volk Israel nie, Ek het my Gees op
hierdie volk laat kom." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 40

Die Here wys vir die profeet hoe Jerusalem sal lyk

1Ek het gevoel die Here sit sy hand op my. Dit was in die 25ste jaar nadat
ons gevangenes geword het in die land Babel. Dit was in die begin van die jaar, op
die tiende dag van die maand, ja, presies op daardie dag. Dit was 14 jaar nadat die
stad Jerusalem verwoes is.

2Die Here het vir my dinge gewys. Dit het gelyk of Hy my na Jerusalem gebring het en
my op 'n baie hoë berg neergesit het. Op die suidekant van die berg was iets wat
gelyk het soos 'n stad.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Die Here het my daarnatoe gebring, en daar was ’n man, die man het geblink soos brons. In sy hand was ’n tou van vlas en ’n meetriet, en hy het by die poort gestaan.

4Die man het vir my gesê: “Mens, jy moet goed kyk en luister, jy moet alles onthou wat ek vir jou sal wys, want die Here het jou hiernatoe gebring om vir jou alles te wys. Jy moet vir die volk Israel alles gaan vertel wat jy gesien het.”

Die muur om die tempel

5Ek sien toe daar is ’n muur buite-om die tempel. Die man het die muur gemeet. Die muur was een meetriet dik en een meetriet hoog. Die meetriet wat die man in sy hand gehad het, was ses el en ’n handbreedte lank.

Die buitenste oos-poort

6Toe het die man na die poort by die oostekant gegaan. Hy het teen die trappe opgeklim en hy het die drumpel van die poort gemeet. Die drumpel was een meetriet breed. Daar was net een drumpel, en dit was een meetriet breed.

7Daar was kamers in die poort. Elke kamer was een meetriet lank en een meetriet breed. Elke muur tussen die kamers was vyf el dik. Die drumpel van die poort langs die kant van die voorportaal van die poort was een meetriet breed. Die voorportaal was aan die voorkant van die tempel.

8Die man het die drumpel van die voorportaal aan die voorkant van die tempel gemeet. Dit was een meetriet breed.

9Toe meet hy die voorportaal. Dit was ag el lank. Die pilare van die voorportaal was twee el dik. Die voorportaal van die poort was aan die voorkant van die tempel.

10Daar was drie kamers langs elke kant van die poort. Die kamers was ewe groot en die pilare langs altwee kante was ewe dik.

11Die man het gemeet hoe breed die poort is waar ’n mens ingaan. Dit was tien el. Die poort was 13 el lank.

12Daar was ’n lae muur voor die kamers langs altwee kante. Die muur was een el hoog. Die kamers langs altwee kante was ses el breed.

13Die man het ook gemeet hoe breed die poort is, van die een buitemuur tot by die ander buitemuur. Dit was 25 el. Die deure van die kamers was oorkant mekaar.

14Hy het ook die voorportaal gemeet. Dit was 60 el tot by die eerste pilaar van die oop stuk grond agter die poort.

15Dit was 50 el van die voorkant van die poort waar ’n mens kon ingaan, tot by die voorkant van die voorportaal van die binneste poort.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Daar was vensters in die mure van al die kamers en teen die pilare by die binnekant van die poort. Daar was hortjies voor die vensters. Daar was ook vensters in al die mure van die voorportaal. Op die pilare was prente van palmbome.

Die buitenste oop stuk grond

17Die man het my toe na die buitenste oop stuk grond geneem. Rondom die oop stuk grond was daar kamers en plaveisel. Daar was 30 kamers langs die plaveisel.

18Die plaveisel was langs die poorte en dit was so lank soos die poorte. Dit was die onderste plaveisel.

19Die man het gemeet hoe ver dit is van die voorkant van die onderste poort tot by die buitekant van die binneste oop stuk grond. Dit was 100 el by die oostekant en by die noordekant.

Die buitenste noord-poort

20Die man het ook gemeet hoe lank en hoe breed die buitenste noord-poort langs die buitenste oop stuk grond is.

21Die poort het ook langs elke kant drie kamers gehad, en sy pilare en sy voorportaal was so groot soos die eerste poort. Die poort was ook 50 el lank en 25 el breed. ’n

22Die vensters en die pilare en die palmbome in hierdie poort was so groot soos die vensters en pilare in die poort by die oostekant. ’n Mens kon teen sewe trappe opgaan in die poort. Daar was ’n voorportaal by die binnekant.

23Daar was ook ’n poort langs die oop stuk grond by die binnekant, oorkant die noord-poort. Dit was soos die poort oorkant die oos-poort. Die man het gemeet hoe ver die poorte van mekaar is. Dit was 100 el.

Die buitenste suid-poort

24Toe het hy my na die suidekant laat loop. Daar was die buitenste suid-poort. Die man meet toe die pilare en die voorportaal van die poort, dit was so groot soos die pilare en die voorportaal van die ander poorte.

25Daar was ook vensters in die poort en in die voorportaal, en die poort was ook 50 el lank en 25 el breed.

26’n Mens kon teen sewe trappe in die poort opgaan, en daar was ’n voorportaal by die binnekant. Daar was ook palmbome uitgesny op die pilare by altwee kante.

27Daar was ’n poort by die suidekant van die binneste oop stuk grond. Die man het gemeet hoe ver dit is van die een poort na die ander poort. Dit was 100 el.

Die binneste suid-poort

28Toe neem hy my deur die suid-poort na die binneste oop stuk grond. Toe hy die binneste suid-poort meet, was dit so groot soos die ander poorte.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[29]Die kamers en die pilare en die voorportaal was so groot soos die ander kamers en pilare en voorportale. Daar was ook vensters in al die mure. Daar was vensters in al die mure van die poort en die voorportaal. Die poort was 50 el lank en 25 el breed.

[30]Elke poort het ’n voorportaal gehad, dit was 25 el lank en vyf el breed.

[31]’n Mens kon deur die voorportaal gaan om op die oop stuk grond by die buitekant te kom. Daar was palmbome uitgesny op die pilare en ’n mens het teen ag trappe opgegaan in die poort.

Die binneste oos-poort

[32]Toe bring die man my na die binneste oop stuk grond, dit was langs die oostekant. Daar was ’n poort, en hy het die poort gemeet. Dit was so groot soos die ander poorte.

[33]Die kamers in die poort en die pilare en die voorportaal was so groot soos die ander kamers en pilare en voorportale. Die voorportaal het ook vensters gehad. Die poort was 50 el lank en 25 el breed.

[34]’n Mens kon deur die voorportaal gaan om op die oop stuk grond by die buitekant te kom. Daar was palmbome uitgesny op die pilare langs altwee kante, en ’n mens het teen ag trappe opgegaan in die poort.

Die binneste noord-poort

[35]En toe bring die man my na die noord-poort en hy meet die poort. Dit was so groot soos die ander poorte.

[36]Daar was kamers en pilare en ’n voorportaal en vensters in al die mure. Die poort was 50 el lank en 25 el breed.

[37]’n Mens kon deur die voorportaal gaan om in die buitenste oop stuk grond te kom, en daar was palmbome uitgesny op die pilare langs altwee kante. ’n Mens het teen ag trappe opgegaan in die poort.

[38]Daar was nog ’n kamer. Die kamer se deur was in die voorportaal van die poort. Hulle het die vleis vir die brand-offer daar afgespoel.

[39]In die voorportaal van die poort was twee tafels langs elke kant. Hulle het die diere vir die brand-offer en die sonde-offer en die skuld-offer op die tafels geslag.

[40]Daar was twee tafels buite, langs die trappe waar ’n mens in die noord-poort ingaan, en daar was twee tafels by die ander kant van die voorportaal van die poort.

[41]Daar was vier tafels buite en vier tafels binne-in die poort. Die priesters het die diere vir die offers op die tafels geslag.

[42-43]Die vier tafels waar hulle die diere vir die brand-offer geslag het, was gemaak van gekapte klip. Elke tafel was een en ’n halwe el lank en een en ’n halwe el breed en een el hoog. Daar was lae muurtjies teen die mure van die poort, die lae muurtjies

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

was een handbreedte breed. Die priesters het die diere geslag vir die brand-offer en die ander offers, en hulle het dan hulle gereedskap op die lae muurtjies neergesit. Hulle het die offer-vleis op die tafels neergesit.

Die kamers vir die mense wat moes sing en vir die priesters

44 Langs die buitekant van die binneste poort was daar kamers vir die mense wat moes sing. Dit was op die binneste oop stuk grond. Die een kamer was langs die noord-poort. Die voorkant van die kamer was suid. Die ander kamer was langs die oos-poort. Die voorkant van hierdie kamer was noord.

45 Die man het vir my gesê: “Een van hierdie kamers langs die noord-poort is vir die priesters wat in die tempel werk.

46 Die kamer langs die oos-poort, is vir die priesters wat by die altaar werk. Hulle is almal die nageslag van Sadok. Net hierdie priesters uit die nageslag van Levi mag naby die altaar kom om vir die Here te werk.”

Die binneste oop stuk grond en die tempel

47 Toe het die man die oop stuk grond gemeet. Dit was vierkantig, 100 el lank en 100 el breed. Die altaar was voor die tempel.

48 Daarna het die man my gebring na die voorportaal van die tempel. Hy het die mure langs altwee kante van die deur gemeet. Elke muur was vyf el lank. Die deur by elke kant was drie el breed.

49 Die voorportaal was 20 el lank en elf el breed. Daar was trappe om op te gaan in die voorportaal. Daar was pilare langs altwee kante van die voorportaal.

Esegiël 41

1 Die man het my toe in die voorste kamer van die tempel gebring. Hy het die mure by die twee kante van die deur gemeet. Elke muur was ses el dik.

2 Die deur was tien el breed, en elke muur langs die twee kante van die deur was vyf el breed. Die man het die voorste kamer gemeet. Dit was 40 el lank en 20 el breed.

3 Toe gaan die man na die agterste kamer en hy meet die mure langs die twee kante van die deur. Die mure was twee el dik. Die deur was ses el breed, en elke muur langs die twee kante van die deur was sewe el lank.

4 Die man het gemeet hoe lank die kamer is. Dit was twintig el lank. Die kamer was twintig el breed, dieselfde soos die voorste kamer. Die man het vir my gesê: “Hierdie is die hoog-gewyde kamer.”

5 Toe het hy die muur van die tempel gemeet. Dit was ses el dik. Die gebou teen die buitemure van die tempel was vier el breed.

6 Die gebou het drie verdiepings gehad, en daar was 30 kamers in elke verdieping. Die mure van hierdie gebou was vas teen die mure van die tempel maar hierdie mure

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

was nie dieselfde as die tempel se mure nie. Die mure van die gebou was dik by die onderste verdieping en dit was dunner by die tweede verdieping en dit was nog dunner by die derde verdieping.

7Hierdie muur het drie mure van die tempel tot bo toegemaak. Die kamers op die tweede verdieping was breër as die kamers op die eerste verdieping, en die kamers op die derde verdieping was breër as die kamers op die tweede verdieping. Daar was ’n trap, en ’n mens kon teen die trap opgaan van die onderste verdieping deur die middelste verdieping tot by die boonste verdieping.

8Ek het gesien die tempel is hoër as die ander gebou. Die fondamente van die gebou teen die mure van die tempel was een meetriet hoog, dit is ses el in die koningsmaat.

9Die buitenste muur van die gebou teen die mure van die tempel was 5 el dik. Daar was ’n oop plek tussen die gebou wat teen die tempelmuur was

10en die kamers op die oop stuk grond. Die oop plek was 20 el breed en dit was langs al die kante van die tempel.

11’n Mens kon van die oop plek ingaan in die gebou wat teen die tempelmure was. ’n Mens kon ingaan by die noordekant of by die suidekant. Die muur van die oop plek was oral 5 el breed.

12Daar was ook ’n gebou op die westekant van die oop plek. Die gebou was 70 el breed, en die muur van die gebou was oral 5 el dik. Die gebou was 90 el lank.

13Die man het toe die tempel gemeet. Dit was 100 el lank, en die oop plek saam met die gebou en sy mure was ook 100 el lank.

14Die oop plek oos van die tempel was 100 el breed.

15Die man het gemeet hoe breed die gebou is langs die oop plek agter die tempel. Hy het dit gemeet saam met die gange langs die twee kante van die gebou, dit was 100 el. Die voorste en die agterste kamers van die tempel was toe met planke, en ook die voorportale waardeur ’n mens na die oop stukke grond kon gaan,

16die drumpels, die vensters met die hortjies, die vensterbanke by die drie kante, en die voorkante van die drumpels, dit alles was toe met planke. Dit was toegemaak met planke, van die vloer tot by die vensters, en die venster-rame was ook van hout gemaak.

17Bokant die deur en teen elke muur van die tempel, binne en buite, was daar

18 gerubs en palmbome, en ook teen al die mure rondom, binne en buite. Daar was elke maal ’n palmboom tussen twee gerubs, en elke gerub het twee gesigte gehad.

19Een gesig was ’n mensgesig en die ander gesig was ’n leeugesig, en die gesigte het na die palmbome gekyk. Daar was gerubs teen al die mure van die tempel.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Daar was gerubs en palmbome van die vloer tot bokant die deur, en ook teen die muur van die voorste kamer.

21Die raam van die deur van die voorste kamer was vierkantig. Die deur van die gewyde kamer het dieselfde gelyk.

22Die altaar in die voorste kamer was van hout gemaak, en dit was drie el hoog en twee el lank. Sy hoeke en sy kante was ook van hout gemaak. Die man het vir my gesê: “Hierdie is die tafel wat altyd in die voorste kamer moet staan, voor die Here.”

23Daar was deure voor die voorste kamer en voor die gewyde kamer.

24Dit was dubbeldeure wat kon swaai.

25Daar was gerubs en palmbome op die dubbeldeure, dieselfde soos op die mure. Voor die voorportaal, langs die buitekant, was daar ’n afdak van hout.

26Daar was vensters met hortjies. Daar was ook palmbome op altwee kante teen die mure van die voorportaal, en ook teen die kamers van die gebou teen die tempel, en teen die afdakke.

Esegiël 42

Die kamers noord en suid

1Daarna het die man my uitgebring na die buitenste oop stuk grond, by die noordekant. Daar het hy my gebring by die kamer oorkant die oop plek en oorkant die gebou by die noordekant van die tempel.

2Die gebou by die noordekant van die tempel was 100 el lank en 50 el breed.

3Die gebou was langs die binneste oop stuk grond wat daar 20 el breed was, en langs die oop plek in die buitenste oop stuk grond. Die gebou was op drie terrasse.

4Daar was gange voor die kamers langs die binnekant, die gange was tien el breed en 100 el lank. ’n Mens kon van die noordekant in die gange kom.

5Die boonste kamers was kleiner as die ander kamers onder, want die terrasse het boontoe smaller geword.

6Die kamers was op drie verdiepings, maar hulle het nie op pilare gestaan soos die oop stukke grond nie. Daarom was die boonste kamers kleiner as die middelste kamers en die onderste kamers.

7Daar was ’n muur buite langs die kamers. Die muur was tot by die buitenste oop stuk grond voor die kamers. Die muur was 50 el lank.

8Die gebou met die kamers wat langs die buitenste oop stuk grond was, was 50 el lank, maar oorkant die tempel was dit 100 el lank.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9’n Mens kon van die buitenste oop stuk grond by die oostekant inkom in die onderste kamers.

10Daar was ook kamers teen die muur van die buitenste oop stuk grond. Dit was oos van die oop plek en oorkant die ander gebou waarin die kamers was.

11Daar was ’n gang voor die kamers, dit was soos voor die kamers by die noordekant, en die kamers was so groot soos die kamers by die noordekant, en ’n mens kon ook so in die kamers inkom of uitgaan.

12Op die punt van die gang was daar ’n deur, dit was soos by die kamers by die noordekant. Die gang was langs die muur, oos van die ingang.

13Die man het vir my gesê: “Die kamers in die noorde en die kamers in die suide wat oorkant die oop plek is, is die gewyde kamers, die priesters wat by die altaar werk, eet die hoog-gewyde offers daar. Dit is ’n gewyde plek, en hulle moet die hoog-gewyde offers daar neersit, dit is die koring-offer, die sonde-offer en die skuld-offer.

14Die priesters wat in die gewyde plek ingekom het en wat daar gewerk het, moet eers hulle klere uittrek voordat hulle uitgaan na die buitenste oop stuk grond. Hoekom? Want die priesters se klere is gewyd. Hulle moet ander klere aantrek voordat hulle by die ander mense op die buitenste oop stuk grond kom.”

Die muur om die tempel-gronde

15Die man het die tempel klaar gemeet langs die binnekant en die buitekant. Toe het hy my buitetoe gebring deur die buitenste oos-poort en hy het die tempel-gronde buite-om gemeet.

16-20Die tempel-gronde was 500 meetriete lank en 500 meetriete breed, en daar was ’n muur rondom, die muur het die gewyde plek geskei van die wêreld daarbuite.

Esegiël 43

Die profeet moet vir die volk sê hoe die tempel moet lyk

1Daarna het die man vir my na die buitenste oos-poort gebring.

2En daar, van die oostekant, kom toe die lig wat om die Koning, die God van Israel, is. Ek het iets gehoor soos wanneer baie water raas, en die lig van die Here het dit lig laat word op die aarde.

3Dit het dieselfde gelyk soos dit gelyk het toe ek moes kom sê dat die vyande die stad sal verwoes. Dit het ook so gelyk toe die Here aan my verskyn het by die Kebar-kanaal. Ek het gaan lê met my gesig teen die grond.

4Die lig wat om die Koning, die Here, is, het na die tempel gekom deur die buitenste oos-poort.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Toe het die Gees my opgetel en my gebring na die binneste oop stuk grond, en hier het die lig wat om die Koning, die Here, is, die tempel volgemaak.

6Ek het gehoor Iemand praat met my uit die tempel. Die man het nog langs my gestaan.

7Die Persoon het gesê: “Mens, hier is die plek waar Ek op my troon sal sit en die plek waar Ek my voete sal sit. Ek wil altyd hier woon tussen die Israeliete. Die volk Israel, die mense en hulle konings, sal nie weer ontrou wees aan My nie, hulle sal nie my heilige Naam ontwy nie, hulle sal nie weer die lyke van hulle konings hier kom begrawe nie.

8Die konings het die drumpel en die raam van die deur van hulle paleis teen my tempel gesit. Daar was net ’n muur tussen hulle en My. Hulle het my heilige Naam onrein laat word met die dinge wat hulle gedoen het, dinge wat Ek haat. Ek het kwaad geword en Ek het hulle laat sterf.

9Die volk moet nou ophou om ontrou te wees aan My en hulle moet hulle konings se lyke wegvat ver van My. Dan sal Ek altyd tussen hulle woon.

10Jy, mens, jy moet vir die volk Israel vertel van my tempel, sodat hulle dit kan meet en skaam kan word oor al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het.

11En wanneer hulle skaam is oor alles wat hulle gedoen het, dan moet jy vir hulle sê hoe die tempel moet lyk. Jy moet vir hulle sê waar alles moet wees, waar mense kan uitgaan en inkom. Jy moet ook vir hulle sê wat hulle moet doen en hoe hulle dit moet doen. Jy moet dit skryf en hulle moet dit sien, sodat hulle die tempel so sal bou en alles sal doen wat Ek wil hê.

12Die wet oor die tempel is: Die boonste punt van die berg en alles daar rondom moet hoog-gewyd wees. Dit is die belangrikste wet oor die tempel.”

Die altaar voor die tempel

13“Julle moet die altaar meet, maar die el wat julle hier moet gebruik, is een span langer as die gewone el. Die afleivoor by die altaar moet een el diep en een el breed wees, en die rand van die voor moet een span breed wees. Dan moet julle meet hoe hoog die altaar moet wees.

14Van die afleivoor onder in die grond tot by die onderste rand van die altaar moet dit twee el wees. Die onderste rand moet een el breër wees as die boonste rand, en van die onderste rand tot by die boonste rand moet dit twee el wees. Die altaar moet vier el hoog wees en die boonste rand moet een el breër wees as die vuurmaakplek.

15Die vuurmaakplek op die altaar moet vier el hoog wees, en die vier horings moet vas wees aan die boonste hoeke.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Die vuurmaakplek moet vierkantig wees, dit moet twaalf el lank en twaalf el breed wees.

17Die boonste rand, onder die vuurmaakplek, moet ook vierkantig wees, dit moet 14 el lank en 14 el breed wees. Die kant rondom die altaar moet ’n halwe el breed wees. Die afleivoor rondom die altaar moet een el diep wees. Die trappe van die altaar moet by die oostekant wees.”

18Die man het vir my gesê: “Mens, die Here, Hy wat Here is, sê: Dit is die dinge wat julle moet doen met die altaar wanneer julle dit klaar gebou het om daarop brand-offers te bring en om bloed daarop te spat:

19Jy moet vir die Levi-priesters ’n bul gee om ’n sonde-offer te wees. Daardie priesters is uit die nageslag van Sadok en hulle mag by My altaar kom om vir My offers te bring.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

20“Jy moet van die bul se bloed neem en jy moet dit smeer aan die vier horings van die altaar, en teen die hoeke van die boonste rand van die altaar, en ook rondom die kante van die altaar. So moet jy die altaar gereedmaak sodat mense My daar kan dien.

21Dan moet jy die bul wat ’n sonde-offer is, verbrand op die regte plek naby die tempel, buitekant die gewyde plek.

22Die volgende dag moet jy ’n gesonde bok-ram bring om ’n sonde-offer te wees. Jy moet dan dieselfde doen soos jy met die bul gedoen het. Jy moet die altaar gereedmaak sodat mense My daar kan dien.

23Wanneer jy die altaar so gereedgemaak het, dan moet jy ’n gesonde bul en ’n gesonde skaap-ram bring om te offer.

24Jy moet hulle vleis na die altaar bring. Die priesters moet sout op die vleis gooi en hulle moet die vleis vir die Here offer. Dit is ’n brand-offer.

25Jy moet sewe dae lank elke dag ’n bok-ram bring om ’n sonde-offer te wees, en jy moet ook ’n bul en ’n skaap-ram offer. Dit moet almal gesonde diere wees.

26So moet julle sewe dae lank die altaar gereedmaak sodat mense My daar kan dien. Julle moet die altaar reinig en julle moet dit aan My wy.

27Wanneer die sewe dae verby is, van die agste dag af en daarna, dan mag die priesters julle brand-offers en julle ete-offers op die altaar bring. Dan sal Ek julle aanvaar.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 44

Die buitenste oos-poort moet toe bly

© Bible Society of South Africa.

[1]Die man het my teruggeneem na die buitenste poort van die gewyde plek, die poort wat by die oostekant is. Die poort was toe.

[2]Die Here het vir my gesê: “Hierdie poort moet toe bly. Niemand mag dit oopmaak en daardeur gaan nie, want die God van Israel, die Here, het daardeur gegaan. Dit moet toe bly.

[3]Net die regeerder mag daar sit en hy mag daar eet, daar voor die Here. Hy mag dit doen omdat hy die regeerder is. Hy moet deur die voorportaal in die poort ingaan en hy moet weer daar uitgaan.”

Wie by die tempel en die altaar mag kom

[4]Toe bring die man my deur die noord-poort na die voorkant van die tempel en toe sien ek die lig wat om die Koning, die Here, is. Die lig het die tempel van die Here volgemaak. Ek het gaan lê met my gesig teen die grond.

[5]Die Here het vir my gesê: “Mens, jy moet kyk en oplet en luister na alles wat Ek vir jou sê oor alles wat julle in die tempel van die Here moet doen en hoe julle dit moet doen. Jy moet oplet waar ’n mens mag inkom en oral waar ’n mens mag uitgaan uit die gewyde plek.

[6]En jy moet vir die opstandige volk Israel sê: Die Here, Hy wat Here is, sê: Israel, julle moet ophou om al die verkeerde dinge te doen wat Ek haat.

[7]Julle het mense in my gewyde plek laat kom wat nie Israeliete is nie, mense wat nie aan My behoort nie en wat nie besny is nie. Hulle het my tempel ontwy toe julle vir My vet en bloed ge-offer het om te eet. Julle het die verbond met My gebreek toe julle al die dinge gedoen het wat Ek haat.

[8]Julle het nie self die werk in my gewyde plek gedoen nie, julle het daardie mense in my gewyde plek laat werk.

[9]Die Here, Hy wat Here is, sê: Iemand wat nie ’n Israeliet is nie en wat nie aan My behoort nie en wat nie besny is nie, mag nie in my gewyde plek kom nie. Niemand van die mense wat tussen julle woon en wat nie Israeliete is nie, mag daar kom nie.

[10]Net die Leviete kon dit doen. Maar die Leviete het ver weggegaan van My toe hulle die Israeliete verkeerd laat doen het. Die Israeliete het verkeerd gedoen en hulle het hulle afgode gedien. Daarom moet die Leviete die straf kry vir die verkeerde dinge wat hulle gedoen het.

[11]Die Leviete mag in my gewyde plek werk. Hulle mag wagstaan by die poorte van die tempel en hulle mag by die tempel werk. Dit is die Leviete wat die diere moet slag vir die brand-offers en die ander offers van die volk. Hulle mag vir die volk werk.

[12]Maar die Leviete het ook vir die volk gewerk toe die volk afgode gedien het. Hulle het die volk sonde laat doen. Daarom het Ek besluit om hulle te straf. Hulle moet die straf kry vir die verkeerde dinge wat hulle gedoen het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Hulle mag nie by my altaar kom om priesters te wees vir My nie, hulle mag nie raak aan iets wat aan My gewy is en ook nie aan die hoog-gewyde dinge nie. Hulle moet weet dat Ek hulle verneder het oor die dinge wat hulle gedoen het, dinge wat Ek haat.

14Ek maak die Leviete die werkers in my tempel. Hulle moet al die werk doen waar daar werk is in die tempel."

Die Levi-priesters

15"Maar die Levi-priesters, die nageslag van Sadok, is die priesters wat naby die altaar mag kom om vir My te werk. Hulle het die werk in my gewyde plek gedoen toe die Israeliete weggegaan het van My. Net hulle mag die werk doen om vir My vet en bloed te offer." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

16"Dit is net húlle wat mag kom in my gewyde plek om op my altaar te offer en die werk daar vir My te doen.

17Maar wanneer hierdie priesters deur die poorte van die binneste oop stuk grond kom, dan moet hulle linne-klere aanhê, hulle mag nie wolklere dra wanneer hulle deur die poorte van die binneste oop stuk grond gaan om by die tempel te werk nie.

18Die priesters moet linne-kopdoeke en linne-broeke dra. Hulle moenie iets dra wat hulle laat sweet nie.

19En wanneer hulle uitgaan na die buitenste oop stuk grond waar die volk is, dan moet hulle die klere uittrek wat hulle gedra het toe hulle gewerk het. Hulle moet die klere uittrek en hulle moet dit in die gewyde kamers neersit. Hulle moet ander klere aantrek, sodat die volk nie aan die gewyde klere kan raak nie.

20Die priesters mag nie hulle koppe kaal skeer nie, en hulle mag ook nie lang hare hê nie, hulle moet hulle hare netjies sny.

21'n Priester mag nie wyn drink wanneer hy na die binneste oop stuk grond moet ingaan nie.

22Die priesters mag nie trou met weduwees of vroue wat geskei het nie. Hulle moet trou met jongmeisies wat Israeliete is, of met die weduwees van priesters.

23Die priesters moet vir my volk leer wat is gewyd en wat is nie gewyd nie, hulle moet ook vir die mense leer wat is onrein en wat is rein.

24Wanneer mense mekaar beskuldig, dan moet die priesters die regters wees en hulle moet oordeel soos Ek dit wil hê. Hulle moet op al die feesdae doen wat Ek wil hê en soos Ek gesê het, en hulle moet sorg dat my Sabbatdae gewyde dae bly.

25'n Priester mag nie naby 'n lyk kom nie, want dan sal hy onrein word. Hy mag net naby die lyke kom van sy ouers of sy kinders of sy broers of sy susters wat nie getroud is nie. Hy sal dan onrein word.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26Wanneer hy hom weer gereinig het, dan moet hy sewe dae wag,

27en wanneer hy dan in die gewyde plek ingaan, na die binneste oop stuk grond om daar te werk, dan moet hy ’n sonde-offer bring.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

28“Die priesters moenie hulle eie grond kry nie, hulle het vir My. Julle moenie vir hulle grond gee in die land Israel nie, hulle het vir My.

29Hulle kos is die koring-offer en die sonde-offer en die skuld-offer en al die ander goed wat aan die Here gewy is in die land Israel. Dit behoort aan hulle.

30Die eerste vrugte en koring, en al die presente wat julle na die tempel bring, moet aan die priesters behoort. Julle moet ook die eerste deeg wat julle aanmaak, vir die priesters gee. Dan sal die Here julle huise seën.

31Die priesters mag nie die vleis eet van diere wat self gevrek het nie, ook nie die vleis van ’n dier wanneer ’n wilde dier daardie dier gevang het nie.”

Esegiël 45

Die gewyde deel van die land, en die grond vir die stad en die regeerder

1Die Here het gesê: “Wanneer julle die land tussen die stamme verdeel, dan moet julle vir die Here ’n stuk grond gee, ’n gewyde deel van die land. Die stuk grond moet 25 000 el lank en 10 000 el breed wees. Die hele stuk grond moet gewyd wees.

2Van hierdie grond moet ’n stuk grond 500 el lank en 500 el breed vir die gewyde plek wees, en rondom die gewyde plek moet daar 50 el weiveld vir die diere wees.

3Van die hele stuk grond wat julle gemeet het, moet julle ’n stuk meet wat 25 000 el lank en 10 000 el breed is. Daar moet die gewyde plek wees, die hoog-gewyde plek.

4Hierdie stuk grond moet die gewyde deel van die land wees. Die priesters wat in die gewyde plek van die Here werk en wat by die altaar kom om vir die Here te werk, moet daardie grond gebruik. Dit is die plek waar hulle huise mag bou en waar die gewyde plek moet wees.

5Die ander stuk grond, 25 000 el lank en 10 000 el breed, is vir die Leviete wat by die tempel werk. Hulle 20 kamers moet daar wees.

6Die grond waarop die stad moet staan, moet 5 000 el breed en 25 000 el lank wees. Hierdie grond moet langs die gewyde grond wees en dit moet aan al die Israeliete behoort.

7Die regeerder moet grond kry langs altwee kante van die gewyde grond en die stad se grond, dit is by die westekant en by die oostekant. Dit moet so groot wees soos die grond wat een stam kry, die grond moet wees van die wesgrens van die land tot by die oosgrens.

© Bible Society of South Africa.

8Dit is die grond in die land Israel wat moet behoort aan die regeerder. Die regeerders van my volk mag nie meer my volk laat swaarkry nie. Hulle moet die land vir die stamme van die volk Israel gee."

9Die Here, Hy wat Here is, sê: "Regeerders van Israel, julle moet nou ophou om slegte dinge te doen aan mense, julle moet ophou om hulle te verdruk. Julle moet regverdig wees en reg doen. Julle moet ophou om my volk se grond vir julleself te vat." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Meet en weeg

10"Julle moet weegskale hê wat reg meet en weeg, en wanneer julle 'n efa of 'n bat meet, dan moet dit reg wees.

11Die efa en die bat moet dieselfde wees. Altwee moet een tiende van 'n homer wees. Die homer is die standaardmaat.

12'n Sikkel moet 20 gera wees, en 'n mine moet 60 sikkels wees."

Presente vir die tempel

13"Hier is die dinge wat julle vir die tempel moet gee: Julle moet een sesde van 'n efa koring gee van elke homer koring wat julle kry, en julle moet een sesde van 'n efa gars gee van elke homer gars wat julle kry.

14Julle moet een tiende van 'n bat olyf-olie gee van elke kor olyf-olie wat julle kry. Daar is tien bat in 'n homer, en in 'n kor is daar ook tien bat.

15Julle moet een skaap of bok gee uit elke trop van 200 skape of bokke op die weivelde van Israel, die weivelde waar daar baie water is. Alles wat julle gee, is vir die koring-offers, die brand-offers en die ete-offers. Die priesters moet met die offers versoening doen vir julle." Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

16"Al die mense van die land moet hierdie dinge gee. Hulle moet dit vir die regeerder van Israel gee."

Feeste en offers

17"Die regeerder moet dan hierdie goed gee om die brand-offers, die koring-offers en die drank-offers te wees. Hy moet dit gee op die feeste, die Nuwemaan-feeste, die Sabbatdae, op al die feestye van die volk Israel. Hy moet die goed gee vir die sonde-offers, die koring-offers, die brand-offers en die ete-offers. Die priesters moet daarmee versoening doen vir die volk Israel."

18Die Here, Hy wat Here is, sê: "Op die eerste dag van die eerste maand moet jy 'n gesonde bul bring. Dit is die sonde-offer, die priesters moet die gewyde plek met die sonde-offer reinig.

19Die priester moet van die bul se bloed neem en hy moet dit smeer aan die rame van die tempel se deure, en aan die vier hoeke van die altaar se boonste rand en aan die rame van die deure van die poorte na die binneste oop stuk grond.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Die priester moet dit ook doen op die sewende dag van elke maand. Hy moet dit doen vir mense wat nie weet dat hulle verkeerd gedoen het nie, of vir mense wat nie weet dat dinge wat hulle gedoen het, verkeerd is nie. Dit is hoe julle die tempel moet reinig.

21"Julle moet die Paasfees vier op die veertiende dag van die eerste maand. Julle mag op daardie dag net ongesuurde brood eet. Julle mag sewe dae lank net daardie soort brood eet.

22Die regeerder moet op die Paasfees 'n bul gee om 'n sonde-offer te wees vir homself en vir die hele volk.

23Hy moet in die sewe dae van die Fees van die Ongesuurde Brood elke dag sewe gesonde bulle en sewe gesonde skaap-ramme gee om 'n brand-offer te wees vir die Here. Hy moet elke dag ook nog 'n bok-ram gee om 'n sonde-offer te wees.

24Hy moet ook 'n efa koring of gars offer saam met elke bul en elke skaap-ram, en 'n hin olyf-olie saam met elke efa koring of gars.

25Die Hutte-fees begin op die vyftiende dag van die sewende maand, dan moet die regeerder elke dag dieselfde offers gee soos op die Fees van die Ongesuurde Brood."

Esegiël 46

1Die Here, Hy wat Here is, sê: "Die oos-poort na die binneste oop stuk grond moet toe bly op die ses werkdae. Maar hulle moet die poort oopmaak op die Sabbatdag en op die Nuwemaan-dag.

2Dan moet die regeerder van buite inkom deur die voorportaal van die poort en hy moet by die drumpel van die poort gaan staan. Die priesters moet dan die regeerder se brand-offers en ete-offers offer. Daarna moet die regeerder by die drumpel buig, en dan moet hy uitgaan. Maar hulle moenie die poort sluit voor die aand nie.

3Die gewone mense moet elke Sabbatdag en elke Nuwemaan-dag by die deur van dieselfde poort voor die Here kom buig.

4Die brand-offer wat die regeerder vir die Here moet bring op die Sabbatdag, is ses gesonde lammers en 'n gesonde skaap-ram.

5Die koring-offer wat hy saam met die skaap-ram gee, moet een efa wees, en saam met die lammers kan hy gee soveel soos hy wil. Hy moet een hin olyf-olie gee vir elke efa.

6Op Nuwemaan-dag moet die regeerder 'n gesonde bul en ses lammers en 'n skaap-ram bring. Hulle moet gesond wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Hy moet ook ’n koring-offer bring. Die koring-offer is een efa koring saam met ’n bul
en een efa koring saam met ’n skaap-ram, en saam met die lammers kan hy gee
soveel soos hy kan. Daar moet een hin olyf-olie by elke efa wees.

8Wanneer die regeerder ingaan, dan moet hy deur die voorportaal van die poort
ingaan, en hy moet weer daar uitgaan.

9Wanneer die gewone mense voor die Here moet kom op die feesdae, dan moet die
mense wat deur die noord-poort ingekom het om te buig, deur die suid-poort
uitgaan, en die mense wat deur die suid-poort ingekom het, moet deur die noord-
poort uitgaan. Niemand moet teruggaan deur die poort waar hy ingegaan het nie,
almal moet by die ander kant uitgaan.

10Die regeerder moet saam met die gewone mense inkom en uitgaan.

11Op die feeste, op elke feesdag, moet die regeerder ook ’n koring-offer bring. Die
koring-offer is een efa koring saam met ’n bul en een efa koring saam met ’n skaap-
ram, en saam met die lammers kan hy gee soveel koring soos hy wil, maar hy moet
een hin olyf-olie saam met elke efa koring gee.

12Die regeerder kan ook ’n vrywillige offer bring. Dit kan ’n brand-offer of ’n ete-offer
vir die Here wees. Hulle moet dan die oos-poort oopmaak vir hom, en hy moet sy
brand-offer of sy ete-offer bring soos op die Sabbatdag. Daarna moet hy uitgaan, en
hulle moet die poort sluit nadat hy uitgegaan het.

13Die regeerder moet elke dag ’n gesonde jaaroud-lam gee om ’n brand-offer te
wees. Hy moet dit elke oggend doen.

14Saam met die brand-offer moet die regeerder elke oggend een sesde van ’n efa
koring of gars gee, en een derde hin olyf-olie om die meel nat te maak. Dit is die
koring-offer vir die Here, en die regeerder moet dit altyd bring.

15Hulle moet die lam en die koring-offer en die olyf-olie elke oggend bring. Dit is die
brand-offer wat hulle elke dag moet bring.”

Die regeerder mag nie van die volk se grond vat nie

16Die Here, Hy wat Here is, sê: “Wanneer die regeerder vir een van sy seuns ’n stuk
van sy grond present gee, dan sal dit aan die seun behoort. Dit is sy grond omdat sy
pa dit vir hom gegee het.

17Maar wanneer die regeerder vir een van sy slawe ’n stuk van sy grond present gee,
dan sal die grond die slaaf se grond wees net tot die jaar wanneer almal die grond
moet teruggee vir die familie aan wie dit behoort het. Dan moet die slaaf die grond
teruggee vir die regeerder. Net sy seuns mag die grond hou wat hy vir hulle gee.

18Die regeerder mag nie van die volk se grond vat nie, hy mag nie hulle goed wegvat
nie, hy mag net van sy eie grond vir sy seuns gee. Hy mag nie een van my volk se
mense wegjaag van sy grond nie.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Die bakplekke en die kookplekke

19Toe het die man vir my gebring deur die deur langs die poort, ’n mens kan daar ingaan na die gewyde kamers van die priesters by die noordekant. En daar, ver langs die westekant, sien ek toe ’n plek.

20Die man het vir my gesê: Dit is die plek waar die priesters die vleis vir die skuld-offer en die sonde-offer moet afwas en waar hulle die brood vir die koring-offer moet bak. Hoekom? Want hulle mag nie die vleis en die brood in die buitenste oop stuk grond bring nie. Die vleis en die brood is gewyd, en dit sal vir die volk gevaarlik wees om by die vleis en die brood te kom.

21Daarna het die man my gebring na die buitenste oop stuk grond, hy het my gebring by die vier hoeke van die oop stuk grond. Daar, in elke hoek, was ’n kleiner oop stuk grond.

22Hierdie kleiner oop stukke grond in die hoeke was elkeen 40 el lank en 30 el breed, en daar het rook by hulle uitgekom.

23Daar was ’n muur om elke stuk grond, en daar was kookplekke onder rondom teen die muur.

24Die man het vir my gesê: “Dit is die plek waar die mense die offer-vleis van die volk moet gaarmaak, die mense wat by die tempel werk.”

Esegiël 47

Die rivier wat alles sal laat lewe

1Die man het my teruggebring na die deur van die tempel, en daar kom toe water uit onder die tempel se drumpel! Die water het oos gevloei, want die tempel se voorkant was by die oostekant. Die water het regs van die tempel weggevloei, suid van die altaar.

2Toe bring die man my deur die buitenste noord-poort en hy laat my buite-om loop na die buitenste oos-poort. En daar, regs van die poort, het ’n klein bietjie water gevloei.

3Die man het na die oostekant geloop. Hy het ’n maatlyn in sy hand gehad en hy het 1 000 el gemeet. Toe het hy my deur die water laat loop. Die water het tot by my enkels gekom.

4Toe meet die man nog 1 000 el en hy laat my deur die water loop. Die water het tot by my knieë gekom. Toe meet hy nog 1 000 el en hy laat my deur die water loop. Die water het tot by my heupe gekom.

5Toe meet hy nog 1 000 el, en toe was dit ’n rivier, ek kon nie daardeur gaan nie. Die water was so diep dat ek sou moes swem. Dit was ’n rivier, ’n mens kon nie daardeur loop nie.

© Bible Society of South Africa.

6Die man sê toe vir my: “Mens, het jy dit gesien?” Hy het my op die wal van die rivier laat terugloop.

7Terwyl ek terugloop, het ek gesien daar is baie groot bome op die wal van die rivier, langs altwee kante.

8Die man het vir my gesê: “Hierdie water vloei na die oostekant van die land, dit vloei af na die Jordaan-vallei en dit sal in die Dooie See vloei. Die Dooie See se water vloei nie weer uit nie. Die rivier se water sal die Dooie See se water vars laat word, dit sal nie sout wees nie.

9Oral waar die rivier vloei, sal daar baie diere wees, al die soorte diere en baie visse. Wanneer hierdie water in die see kom, dan sal die see se water vars word. Waar die rivier se water kom, daar sal alles lewe.

10Vissermanne sal langs die see staan van En-Gedi tot by En-Eglajim. Dit sal ’n plek wees waar hulle die visnette droogmaak. Daar sal so baie verskillende soorte visse wees soos in die Middellandse See, en daar sal báie visse wees.

11Maar die water in die vleie en die watergate langs die see sal nie vars word nie. Daardie water moet sout bly.

12Op die walle langs altwee kante van die rivier sal al die verskillende soorte vrugtebome groei. Hulle blare sal nie droog word en verlep nie en daar sal altyd vrugte aan die bome wees. Die bome sal elke maand nuwe vrugte dra, want hulle staan by water wat van die tempel kom. Die mense sal die vrugte eet en hulle sal die blare gebruik, dit sal medisyne wees vir hulle.”

Die grense van die land

13Die Here, Hy wat Here is, sê: “Hier is die grense van die land wat julle tussen die twaalf stamme van Israel moet verdeel. Die Josef-stam moet twee dele kry.

14Elke ander stam moet een deel kry. Ek het belowe dat Ek die land vir julle voorvaders sal gee. Daarom moet julle die grond in hierdie land kry.

15Hier is die grense van die land: By die noordekant begin die grens by die Middellandse See en dan gaan dit verby die stad Getlon tot by die stad Sedad,

16en dan verder na die stede Hamat, Berota en Sibrajim, wat op die grens tussen die land Damaskus en die land Hamat is, en dan na die stad Middel-Gaser op die grens van die land Gauran.

17Hierdie grens is van die Middellandse See tot by die stad Gasar-Enan op die grens van die land Damaskus, en by die noordekant is die grens van die land Hamat. Dit is die noordgrens.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

18By die oostekant begin die grens tussen die land Gauran en die land Damaskus, en
dit gaan langs die Jordaan-rivier tussen die land Gilead en die land Israel. Julle moet
die grens meet van die kant van die Dooie See. Dit is die oosgrens.

19By die suidekant begin die grens suid van die stad Tamar en dit gaan tot by die stad
Waters-van-Meribot-Kades, en dan langs die rivier na die Middellandse See. Dit is die
suidgrens.

20By die westekant is die Middellandse See die grens, van die suidgrens tot oorkant
die stad Lebo-Hamat. Dit is die wesgrens."

Vreemdelinge moet ook grond kry

21"Julle moet hierdie land verdeel vir die stamme van Israel.

22En wanneer julle lootjies trek om te sien wie grond moet kry, dan moet dit wees vir
julleself en vir die vreemdelinge wat lank tussen julle woon en wat in julle land
kinders gekry het. Daardie vreemdelinge moet vir julle soos regte Israeliete wees.
Hulle moet saam met julle grond kry tussen die stamme van Israel.

23Julle moet vir 'n vreemdeling grond gee by die stam waar hy woon." Dit het die
Here gesê, Hy wat Here is.

Esegiël 48

Hoe hulle die land moet verdeel

1-7"Elke stam moet 'n stuk grond in die land kry. Die grond wat hulle moet kry, is by
die noordekant, langs die grens wat gaan van die stad Getlon verby die stede Lebo-
Hamat en Gasar-Enan, tot by die noordgrens tussen die land Damaskus en die land
Hamat. Elke stam se grond is tussen die oostekant en die see. Hier is die name van
die stamme wat by die noordekant hulle grond kry, van noord na suid: Dan, Aser,
Naftali, Manasse, Efraim, Ruben en Juda.

8"Die grond wat julle vir die Here moet gee, moet langs die grond van Juda wees, van
oos na wes. Dit moet 25 000 el breed wees en so lank soos die stukke grond van die
stamme. Die gewyde plek moet in die middel van hierdie grond wees.

9Een stuk grond wat julle vir die Here moet gee, moet 25 000 el lank en 10 000 el
breed wees.

10"Julle moet die gewyde grond só verdeel: Die priesters kry die grond by die
noordekant. Die grond moet 25 000 el wees van oos na wes, en 10 000 el van noord
na suid. Die gewyde plek van die Here moet op hierdie grond wees.

11Hierdie grond moet die gewyde priesters se grond wees. Hulle is die nageslag van
Sadok. Hulle het aangehou om vir My te werk en hulle het nie verkeerd gedoen soos
die Israeliete nie. Dit is die Leviete wat verkeerd gedoen het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Die priesters se grond is ’n present, dit is ’n stuk van die grond wat julle vir die Here moet gee, en dit is hoog-gewyd. Dit is langs die Leviete se grond.

13Die Leviete kry die grond langs die priesters se grond, dit is 25 000 el lank en 10 000 el breed.

14Niemand mag van hierdie grond verkoop of ruil of vir ander mense gee nie. Dit is die beste grond in die land en dit is gewy aan die Here.

15“Die stuk grond wat oorbly, is 5 000 el breed en 25 000 el lank. Dit is vir die gewone mense van die stad, hulle moet daar woon en hulle diere moet daar wei. Die stad moet in die middel van hierdie grond wees.

16Die stad moet vierkantig wees, dit moet 4 500 el lank en 4 500 el breed wees.

17Daar moet ’n oop stuk grond rondom die stad wees, dit moet 250 el breed wees.

18Oos en wes van die stad is daar dan twee stukke grond wat oorbly langs die grond wat julle vir die Here moet gee. Elke stuk grond is 10 000 el lank. Die mense moet daar plant en saai sodat die mense wat in die stad werk, kos kan hê.

19Enige iemand wat in die stad werk, mag op hierdie grond plant en saai, dit maak nie saak van watter stam hy kom nie.

20Die hele stuk grond wat julle vir die Here moet gee, is vierkantig, dit moet 25 000 el lank en 25 000 el breed wees. Julle moet dit vir die Here gee en aan Hom wy. Die grond vir die stad is ook by daardie grond.

21“Die regeerder moet twee stukke grond kry, dit is die grond wat oorbly by die oostekant en die westekant van die gewyde grond en die stadsgrond. Sy grond moet langs die stamme se grond wees. Die gewyde grond is die plek waar die gewyde plek vir die tempel sal wees.

22Die Leviete se grond en die stadsgrond moet tussen die twee stukke grond van die regeerder wees. Sy grond moet tussen die stuk grond van Juda en die stuk grond van Benjamin wees.

23-27“Die grond wat die stamme van Benjamin, Simeon, Issaskar, Sebulon en Gad kry, is suid van die gewyde grond en die regeerder se grond. Die grond is van die oostekant tot by die westekant.

28By die suidekant van die grond van die stam Gad moet die grens wees van die stad Tamar, verby die fonteine van die stad Meriba-Kades, en dan langs die rivier tot by die Middellandse See.

29Dit is die land wat julle moet verdeel en vir die stamme moet gee, en dit is wat elke stam moet kry.” Dit het die Here gesê, Hy wat Here is.

Die poorte van die stad

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30“Daar moet plekke wees waar mense uit die stad kan gaan. Die noordekant van die
stad moet 4 500 el lank wees,
31en daar moet drie poorte wees, die poorte van Ruben, Juda en Levi. Die poorte
van die stad moet die name hê van die stamme van Israel.
32Die oostekant moet 4 500 el lank wees, en daar moet drie poorte wees, die poorte
van Josef, Benjamin en Dan.
33Die suidekant moet 4 500 el lank wees, en daar moet drie poorte wees, die poorte
van Simeon, Issaskar en Sebulon.
34Die westekant moet 4 500 el lank wees, en daar moet drie poorte wees, die poorte
van Gad, Aser en Naftali.”

Die naam van die stad

35“Dit moet 18 000 el wees rondom die stad, en van nou af moet die stad se naam
wees ‘Die Here is daar.’ ”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Daniël

Daniël 1

Die vier slim seuns

1Koning Nebukadnesar van die land Babel het na Jerusalem gekom. Sy soldate het Jerusalem van al die kante aangeval. Dit was in die derde jaar nadat Jojakim koning van Juda geword het.

2Die Here het vir Nebukadnesar gehelp. Nebukadnesar het koning Jojakim van Juda oorwin en hy het party van die goed gevat wat in die tempel was. Nebukadnesar het vir Jojakim en die goed na die land Babel gevat, na die tempel van sy god. Hy het alles wat hy gevat het, gebêre in die stoorkamer by die tempel.

3-4Aspenas was die hoof van die mense wat in koning Nebukadnesar se huis gewerk het. Die koning het vir Aspenas gesê hy moet ’n paar van die Israeliete se seuns bring om vir hom te werk. Die seuns moet familie wees van die koning van Israel, of hulle moet die seuns van belangrike mense wees. Die seuns moet heeltemal gesond en mooi en slim wees. Hulle moet van alles weet en hulle moet sterk wees, sodat hulle in die koning se huis kan werk. Hulle moet eers leer om die taal van die mense van Babel te praat en te skryf.

5Hulle moet drie jaar lank leer, en dan moet hulle vir die koning kom werk. In daardie drie jaar moet hulle net van die koning se kos eet en van sy wyn drink.

6Vier van die seuns was Daniël, Gananja, Misael en Asarja. Hulle het van die land Juda gekom.

7Aspenas het vir hulle ander name gegee. Hy het vir Daniël genoem Beltsassar, vir Gananja het hy Sadrag genoem, vir Misael het hy Mesag genoem, en vir Asarja het hy Abed-Nego genoem.

8Daniël het besluit hy wil nie die koning se kos eet en sy wyn drink nie, want as hy dit doen, dan sal hy onrein word. Hy het gevra of Aspenas tevrede sal wees as hy nie die koning se kos eet nie, want hy wil nie onrein word nie.

9Aspenas het van Daniël gehou en hy was jammer vir hom. God het Aspenas jammer laat voel vir Daniël.

10Maar Aspenas het vir Daniël gesê: “Ek is bang vir die koning. Ek werk vir hom, en hy het gesê wat julle moet eet en drink. As hy sien julle lyk slegter as die ander seuns wat so oud soos julle is, dan sal hy my doodmaak, en dan sal dit julle skuld wees.”

11Aspenas het vir ’n ander amptenaar gesê hy moet vir Daniël, Gananja, Misael en Asarja sorg. Daniël het toe met daardie amptenaar gaan praat.

12Hy het gesê: “Toets asseblief ons plan tien dae lank. Gee vir ons groente om te eet en water om te drink.

© Bible Society of South Africa.

13Dan kyk jy hoe lyk ons en hoe lyk die seuns wat die koning se kos geëet het. Dan kan jy besluit wat jy met ons wil doen."

14Die amptenaar het gedoen wat Daniël en sy vriende gevra het. Hy het hulle tien dae lank so getoets.

15Toe die tien dae verby was, het hulle beter en vetter gelyk as al die seuns wat die koning se kos geëet het.

16Toe het die amptenaar nie weer vir hulle van die koning se kos en wyn gegee nie. Hy het vir hulle net groente gegee.

17God het daardie vier seuns baie slim gemaak. Hulle het van alles geweet, en Daniël kon ook sê wat dit beteken wanneer iemand droom en iets sien.

18Die koning het gesê hulle moet die seuns ná drie jaar bring. Toe die drie jaar verby was, het Aspenas die seuns na koning Nebukadnesar toe gebring.

19Die koning het met hulle gepraat en hy het nie ander seuns gekry wat so slim was soos Daniël, Gananja, Misael en Asarja nie. Hulle het begin werk vir die koning.

20Die koning het partymaal vir hulle gevra wat hulle dink hy moet doen. Hulle antwoord was dan tien maal beter as die antwoorde van al die slim mense in sy hele land.

21Daniël het by die koning gewerk tot in die eerste jaar nadat Kores koning geword het.

Daniël 2

Koning Nebukadnesar se droom oor die beeld

1Koning Nebukadnesar het gedroom. Dit was in die tweede jaar nadat hy koning geword het. Hy het bekommerd geword. Hy kon nie weer slaap nie.

2Die koning het toe al die slim mense laat roep sodat hulle vir hom kon sê wat hy gedroom het. Hulle het gekom en hulle het voor die koning gaan staan.

3Die koning het vir hulle gesê: "Ek het gedroom en ek is bekommerd oor wat ek gedroom het. Ek wil weet wat die droom beteken."

4Die slim mense het toe in die Aramese taal gepraat en vir die koning gesê: "Ons hoop die koning sal lank lewe. Sê vir ons wat jy gedroom het, dan sal ons vir jou sê wat dit beteken."

5Maar die koning het vir die slim mense gesê: "Nee, ek het besluit júlle moet vir my sê wat ek gedroom het en wat dit beteken. As julle dit nie doen nie, dan sal my manne julle doodmaak en in stukke kap en julle huise afbreek.

© Bible Society of South Africa.

6Maar as julle vir my sê wat ek gedroom het en wat dit beteken, dan sal ek vir julle
baie presente gee, en julle sal baie belangrike mense word. Daarom, sê nou vir my
wat ek gedroom het en wat dit beteken."

7Die slim mense het weer gesê: "Koning, jy moet eers vir ons sê wat jy gedroom het,
dan sal ons sê wat dit beteken."

8Toe sê die koning vir hulle: "Ek weet julle wil eers dink wat julle moet doen. Julle
weet ek het klaar besluit

9wat ek met julle sal doen as julle nie vir my kan sê wat ek gedroom het nie. Julle wil
eers saam besluit om vir my iets te vertel wat nie waar is nie. Julle hoop daar gebeur
iets wat julle sal help. Daarom, sê nou vir my wat ek gedroom het, dan sal ek weet
julle kan ook vir my sê wat dit beteken."

10Die slim mense het vir die koning gesê: "Niemand op die aarde kan doen wat die
koning wil hê nie. Daar is nie een ander belangrike koning wat so iets vir 'n slim mens
gevra het nie.

11Die koning wil hê ons moet iets doen wat ons nie kan doen nie. Niemand anders
kan dit doen nie. Net die gode kan dit doen, en hulle woon nie hier by die mense
nie."

12Die koning word toe baie kwaad, en hy sê sy soldate moet al die wyse mense in
Babel doodmaak.

13Toe die koning sê hulle moet die wyse mense doodmaak, het die soldate vir Daniël
en sy vriende ook gesoek om hulle dood te maak.

14Arjok was die hoof van die soldate wat die koning moes oppas, en die koning het
gesê hy moet die wyse mense van Babel doodmaak. Arjok het gegaan om dit te
doen, maar toe het Daniël met hom gaan praat. Daniël was slim om met Arjok te
gaan praat.

15Hy het vir Arjok gevra: "Hoekom is die koning so kwaad? Hoekom het hy besluit om
ons dood te maak?" Arjok het vir Daniël vertel wat gebeur het.

16Daniël het na die koning toe gegaan en gevra die koning moet 'n bietjie wag, dan
sal hy vir die koning sê wat die droom beteken.

17Daniël het huis toe gegaan en vir sy vriende Gananja, Misael en Asarja vertel wat
gebeur het.

18Hy het gebid die God van die hemel moet vir hulle goed wees en vir hom sê wat die
koning gedroom het. Dan sal die koning se manne nie vir Daniël en sy vriende
doodmaak saam met die ander wyse mense van Babel nie.

19Die God van die hemel het daardie nag vir Daniël gewys wat die koning gedroom
het. Daniël het God geprys.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Hy het gesê: “Die mense moet die Naam van God altyd prys, want Hy weet alles en
Hy is baie sterk.

21Hy laat jare en maande verbygaan en Hy sê wat moet gebeur. Hy vat konings weg,
Hy kies nuwe konings en stel hulle aan. God gee wysheid en kennis vir wyse
en verstandige mense.

22Hy help mense om moeilike dinge te verstaan. Hy weet wat in die donker is, want
by Hom is lig.

23Ek prys U, God van my voorvaders, want U het vir my wysheid gegee en U het my
sterk gemaak. U het vir my gesê wat ek vir U gevra het. U het vir ons gesê wat die
koning gedroom het.”

24Daarna het Daniël na Arjok toe gegaan. Arjok moes die wyse mense van Babel
doodmaak. Daniël het vir Arjok gesê: “Jy moenie die wyse mense van Babel
doodmaak nie. Vat my na die koning toe, dan sal ek vir hom sê wat sy droom
beteken.”

25Arjok het gou vir Daniël na die koning toe gebring en vir die koning gesê: “Ek het ’n
man gekry wat vir jou kan sê wat die droom beteken. Dit is een van die gevangenes
wat uit Juda gekom het.”

26Die koning het vir Daniël gevra: “Kan jy vir my sê wat ek gedroom het en wat die
droom beteken?” Daniël se ander naam was Beltsassar.

27Daniël het vir die koning gesê: “Koning, die wyse mense, al die slim mense, kan nie
vir jou sê wat jy wil weet nie.

28Maar in die hemel is daar ’n God wat kan sê wat mense nie weet nie. Hy het vir jou,
koning Nebukadnesar, gewys wat later sal gebeur. Ek sal nou vir jou vertel wat jy
gedroom en gesien het toe jy geslaap het:

29“Jy, Koning, het op jou bed gelê en gedink wat later sal gebeur, en die God wat kan
sê wat mense nie weet nie, het vir jou gewys wat sal gebeur.

30Ek weet nie meer as ander mense nie, maar God het vir my gesê wat die ander
mense nie weet nie. Hy wil hê jy moet weet wat die droom beteken. Jy moet die
dinge verstaan waaroor jy gedink het.

31“Koning, jy het iets gesien. Dit was ’n groot beeld wat voor jou gestaan het. Die
beeld was groot en dit het geblink. Jy het geskrik toe jy die beeld sien.

32Die beeld se kop was van skoon goud, sy bors en sy arms was van silwer, sy maag
en sy heupe was van brons,

33sy bene was van yster, en sy voete was van yster en van klei.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

34Jy het gekyk, en toe kom daar ’n klip en dit val op die beeld se voete, op die yster en klei. Die klip het die beeld se voete stukkend geval. Dit was nie ’n mens wat die klip gegooi het nie.

35Die klip het alles fyngebreek, die yster, die klei, die brons, die silwer en die goud. “Dit het fyn geword soos die kaf van koring op die dorsvloer in die somer. Die wind het die fyn stukkies van die beeld weggewaai, en niemand het dit weer gesien nie. Maar die klip wat die beeld stukkend geval het, het ’n baie groot klip geword. Dit het die hele aarde toegemaak.

36Koning, dit is wat jy gedroom het, en ons sal nou vir jou sê wat die droom beteken.

37“Koning, jy is die kop van goud. Jy is ’n koning van ander konings. Die God van die hemel het vir jou koning gemaak en jy het baie sterk en belangrik geword.

38Hy het gesê jy kan regeer oor die mense, die diere en die voëls op die hele aarde.

39Ná jou sal daar ander konings kom wat nie so belangrik soos jy sal wees nie. Hulle is soos die silwer. Dan sal daar nog ander konings kom wat oor die hele aarde sal regeer. Hulle is soos die brons.

40Die konings wat daarna sal kom, sal so hard soos yster wees, want yster maak alles stukkend en fyn.

41Jy het voete en tone gesien van klei en yster. Dit beteken daardie konings sal regeer oor mense wat nie met mekaar saamwerk nie,

42hulle sal partymaal sterk wees en partymaal swak.

43Jy het gesien die yster en klei is bymekaar. Dit beteken die mense van een volk sal met mense van ’n ander volk trou, maar hulle sal nie een volk word nie, want ’n mens kan nie yster en klei meng nie.

44“In die tyd wanneer daardie konings sal regeer, sal die God van die hemel self kom en Hy sal koning wees. Hy sal altyd regeer, en niemand sal ná Hom regeer nie. Hy sal al die konings oorwin, en hulle sal nie meer regeer nie. Hy self sal altyd regeer.

45Jy het ook gesien daar breek ’n stuk klip af van ’n groot klip en dit breek die yster en maak dit fyn. Jy het gesien die klip breek ook die brons, die klei, die silwer en die goud, en dit was nie ’n mens wat die klip afgebreek het nie. Koning, die Groot God wys nou vir jou wat later sal gebeur. Dit is wat jy gedroom het, en dit is wat die droom beteken, en dit is waar.”

46Toe het koning Nebukadnesar voor Daniël gebuig soos ’n mens voor ’n god buig. Die koning het gesê hulle moet vir Daniël ’n koring-offer en wierook-offers bring.

47Die koning het vir Daniël gesê: “Regtig, jou God is sterker as al die gode en al die konings. Hy het vir jou dinge gesê wat niemand anders weet nie, en daarom kon jy vir my sê wat ek gedroom het.”

© Bible Society of South Africa.

48Die koning het toe vir Daniël ’n baie belangrike man gemaak en hy het vir Daniël baie presente gegee. Hy het gesê Daniël moet oor die hele land Babel regeer en hy moet die hoof wees van al die wyse mense in Babel.

49Daniël het gevra die koning moet vir Sadrag, Mesag en Abed-Nego kies om te help regeer oor Babel. Die koning het dit gedoen. Daniël het by die koning gebly.

Daniël 3

Die drie manne in die vuur

1Koning Nebukadnesar het ’n beeld gemaak. Die beeld was van goud, en dit was 60 el hoog en ses el breed. Hy het die beeld regop laat staan in die Dura-vallei in die land Babel.

2Toe laat roep koning Nebukadnesar al die belangrike amptenare in die land om daar te wees wanneer hulle die beeld wy wat koning Nebukadnesar regop laat staan het.

3Al die belangrike amptenare in die land het toe gekom om daar te wees wanneer hulle die beeld wy. Hulle het kom staan voor die beeld wat die koning gemaak het.

4Toe het een van die koning se amptenare baie hard gepraat en gesê: “Julle almal wat uit baie lande kom en baie verskillende tale praat, julle moet luister na wat die koning sê:

5Wanneer julle musiek hoor, dan moet julle buig voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar gemaak het. Julle moet voor die beeld buig soos ’n mens voor ’n god buig.

6My manne sal elkeen wat nie buig nie, dadelik in ’n groot vuur gooi.”

7Daarom het al die mense dit gedoen, al die mense wat uit baie lande kom en wat baie verskillende tale praat. Elke maal wanneer hulle musiek hoor, het hulle gebuig voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar gemaak het.

8Maar eendag het party van die slim mense by die koning gekom en gekla oor die mense wat van Juda gekom het.

9Die slim mense het vir koning Nebukadnesar gesê: “Ons hoop die koning sal lank lewe!

10Jy, Koning, het gesê almal moet voor die goue beeld buig wanneer hulle musiek hoor,

11en jou manne sal almal wat nie buig nie, in ’n groot vuur gooi.

12Maar daar is manne van Juda, hulle doen nie wat jy gesê het nie. Hulle name is Sadrag, Mesag en Abed-Nego. Hulle is die manne wat jy gekies het om te help regeer

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

oor die land Babel. Hulle dien nie jou god nie, hulle buig nie voor die beeld wat jy gemaak het nie."

13Koning Nebukadnesar het baie kwaad geword. Hy het gesê sy soldate moet vir Sadrag, Mesag en Abed-Nego bring. Toe hulle voor koning Nebukadnesar staan,

14sê hy vir hulle: "Sadrag, Mesag en Abed-Nego, is dit waar dat julle nie my god wil dien nie? Is dit waar dat julle nie wil buig voor die beeld wat ek gemaak het nie?

15Nou, wanneer julle musiek hoor en julle buig voor die goue beeld wat ek gemaak het, dan sal dit goed wees. Maar as julle nie buig nie, dan sal my manne julle dadelik in die groot vuur gooi. Ek sal dit met julle doen. Daar is nie 'n god wat my kan stop nie."

16Sadrag, Mesag en Abed-Nego het vir koning Nebukadnesar gesê: "Ons kan niks vir jou sê nie.

17Ons God kan ons red, ons dien Hom, en Hy sal keer dat ons nie brand nie wanneer jy ons in die vuur gooi.

18Maar, Koning, jy moet weet, ook as ons God ons nie red nie, dan sal ons nie jou god dien nie en ons sal nie buig voor die beeld wat jy gemaak het nie."

19Nebukadnesar het baie kwaad geword vir Sadrag, Mesag en Abed-Nego. Hy het vir sy manne gesê hulle moet die vuur sewe maal warmer maak as wat dit altyd was.

20Toe het hy vir sy soldate gesê hulle moet vir Sadrag, Mesag en Abed-Nego vasbind en in die vuur gooi.

21Die soldate het hulle vasgebind en in die vuur gegooi. Sadrag, Mesag en Abed-Nego het nog al hulle klere aangehad.

22Die koning het gesê die vuur moet warm wees, en dit was baie warm. Die vlamme het die soldate doodgebrand wat die drie manne in die vuur gegooi het.

23Die drie manne, Sadrag, Mesag en Abed-Nego, het binne-in die vuur geval. Hulle was vasgebind.

24Maar toe skrik koning Nebukadnesar groot en hy staan op. Hy vra toe vir sy raadgewers: "Het ons drie manne in die vuur gegooi, en was hulle vasgebind?" Hulle het vir die koning gesê: "Ja, Koning, dit is so."

25Toe sê die koning: "Ek sien nou vier manne. Hulle is nie vasgebind nie. Hulle loop in die vuur rond en hulle makeer niks. Ek sien die vierde man lyk soos 'n engel."

26Nebukadnesar het nader gegaan na die deur van die groot oond waarin die vuur was. Hy het gesê: "Sadrag, Mesag en Abed-Nego, dienaars van die Hoogste God, kom uit!" Hulle het uitgekom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Die belangrike amptenare het almal kom kyk en hulle het gesien dat die vuur nie die drie manne gebrand het nie. Dit het nie die hare op hulle koppe gebrand nie. Hulle klere was nog dieselfde en dit het ook nie soos vuur geruik nie.

28Toe sê Nebukadnesar: “Ek prys die God van Sadrag, Mesag en Abed-Nego. Hy het sy engel gestuur en Hy het sy dienaars gered. Hulle het geglo dat Hy hulle sal help en hulle het nie gedoen wat die koning gesê het nie. Hulle het gedink dit is beter om te sterf, want hulle wou net hulle eie God dien en eer, nie ’n ander god nie.

29Daarom sê ek nou: Al die mense in al die lande moet die God van Sadrag, Mesag en Abed-Nego eer. As iemand dit nie doen nie, dan sal my soldate hom doodmaak en in stukke kap en sy huis afbreek. Daar is nie ’n ander god wat kan red soos hierdie God red nie.”

30Die koning was daarna baie goed vir Sadrag, Mesag en Abed-Nego in die land Babel.

Daniël 4

Koning Nebukadnesar droom van ’n groot boom

1Koning Nebukadnesar het ’n brief geskryf vir al die mense op die hele aarde. Hy het geskryf: “Ek hoop dit gaan baie goed met julle!

2Ek wil graag vir julle vertel wat met my gebeur het. Die Hoogste God het tekens en wonderwerke gedoen.

3Sy tekens en wonderwerke is groot en wonderlik. Hy sal altyd Koning wees, Hy sal altyd regeer.

4“Ek, Nebukadnesar, het lekker in my huis gewoon, en dit het goed gegaan met my.

5Maar toe het ek gedroom en ek het iets gesien toe ek gedroom het. Ek het groot geskrik.

6Ek het gesê al die wyse mense van Babel moet hier by my bymekaarkom en vir my sê wat die droom beteken.

7Al die slim mense het gekom, en ek het vir hulle gesê wat ek gedroom het, maar hulle kon nie vir my sê wat die droom beteken nie.

8Toe het Daniël gekom, sy ander naam is Beltsassar. Dit is ook die naam van my god. Dit is die heilige gode wat vir Daniël help, daarom is hy baie slim. Ek het vir hom vertel wat ek gedroom het.

9“Ek het gesê: ‘Beltsassar, jy is die hoof van die slim mense. Ek weet die heilige gode help jou, en jy weet dinge wat ander mense nie weet nie. Sê vir my wat beteken my droom. Wat beteken die ding wat ek gesien het toe ek gedroom het?

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Ek het geslaap, en toe sien ek daar staan ’n boom in die middel van die aarde. Die
boom was baie hoog.

11Dit het baie groot en sterk geword, so groot dat dit aan die hemel geraak het. Al
die mense op al die plekke kon die boom sien.

12Die boom het mooi blare en baie vrugte gehad. Almal kon van sy vrugte eet. Die
diere het onder die boom kom lê, en die voëls het in sy takke gewoon. Die boom se
vrugte was kos vir al die mense en die diere.

13“ ‘Ek het geslaap en gedroom daar kom ’n heilige engel uit die hemel.

14Die engel het hard gepraat en gesê: “Kap af die boom, sny af sy takke, skud af sy
blare, gooi sy vrugte oral rond. Die diere onder die boom moet wegvlug, en die voëls
moet wegvlug uit sy takke.

15Maar moenie die boom se stam uithaal nie, laat staan dit in die grond. Sit ’n band
van yster en brons om die stam en laat die stam tussen die gras staan. Die dou uit
die lug moet die stam natmaak. Nebukadnesar moet wilde plante eet soos die diere.

16Sy verstand moet verander, dit moet sewe jaar lank soos ’n dier se verstand word.

17Dit het die heilige engele gesê, en dit sal gebeur. Dan sal almal wat lewe, weet dit
is God, die Hoogste God, wat besluit wie koning sal wees. Hy kan enige mens kies en
hom koning maak, ook die onbelangrikste mens.”

18“ ‘Dit is die droom wat ek, Nebukadnesar, gehad het, en jy, Beltsassar, moet vir my
sê wat die droom beteken. Al die wyse mense in my land kan nie vir my sê wat dit
beteken nie, maar jy kan, want dit is die heilige gode wat jou help.’ ”

19Daniël, wie se ander naam Beltsassar was, het groot geskrik en baie bang geword.
Maar die koning het gesê: “Beltsassar, jy moenie skrik oor die droom en oor wat dit
beteken nie.” Beltsassar sê toe: “Koning, dit is ’n slegte droom. Ek wens jou vyande
het dit gedroom.

20Jy het ’n boom gesien wat baie hoog en sterk geword het, die boom het aan die
hemel geraak. Al die mense op die aarde kon die boom sien.

21Daar was mooi blare en baie vrugte aan die boom. Dit was kos vir almal. Al die
diere kon onder die boom lewe en al die voëls kon in sy takke woon.

22Koning, die boom is jy. Jy het koning van die hele aarde geword.

23Jy het ook gesien daar kom ’n heilige engel uit die hemel en die engel sê: ‘Kap af
die boom, kap dit stukkend, maar laat die boom se stam in die grond bly. Sit ’n band
van yster en brons om die stam en laat dit tussen die gras staan. Die dou uit die lug
moet die stam natmaak, en jy, Nebukadnesar, moet sewe jaar lank wilde plante eet
soos die diere.’

© Bible Society of South Africa.

24"Koning, dit is wat die Hoogste God besluit het. Dit sal met jou gebeur, dit is wat die droom beteken:

25Die mense sal jou wegjaag. Jy sal in die veld gaan woon saam met die diere. Jy sal gras eet soos 'n bees, en die dou uit die lug sal jou sewe jaar lank natmaak. Dan sal jy weet dit is die Hoogste God wat besluit wie koning sal wees.

26Die engel het ook gesê die boom se stam moet bly staan. Dit beteken jy sal weer koning word wanneer jy weet dit is God wat regeer, God in die hemel.

27Daarom, Koning, jy moet doen wat ek vir jou sê: Jy moet ophou om sonde te doen. Jy moet reg doen aan die arm mense en jy moet goed wees vir hulle. Dan sal dit goed gaan met jou."

28Alles wat Daniël gesê het, het gebeur met koning Nebukadnesar.

29'n Jaar later het Nebukadnesar op sy huis se plat dak geloop.

30Hy het gesê: "Kyk hoe groot is die stad Babel. Dit is 'n stad vir 'n koning. Ek het dit gebou, ek, die groot koning."

31Toe die koning dit sê, het hy Iemand gehoor praat uit die hemel. Hy het gesê: "Koning Nebukadnesar, jy sal nie meer koning wees nie.

32Die mense sal jou wegjaag. Jy sal by die diere gaan bly en jy sal sewe jaar lank gras eet soos 'n bees. Dan sal jy weet dit is die Hoogste God wat besluit wie koning sal wees."

33Alles wat Daniël gesê het, het dadelik gebeur met koning Nebukadnesar. Die mense het hom weggejaag. Hy moes gras eet soos 'n bees, en die dou het hom natgemaak. Sy hare het so lank geword soos 'n arend se vere, en sy naels het so lank geword soos 'n voël se naels.

34Nebukadnesar het geskryf: "Toe die sewe jaar verby was, het ek na die hemel gekyk en gebid. My verstand het teruggekom. Ek het die Hoogste God geprys, Hy wat altyd lewe. Hy sal altyd regeer, Hy sal altyd Koning wees.

35Die mense op die aarde is nie belangrik nie, hulle is almal soos niks. God doen wat Hy wil met die sterre in die lug en met die mense op die aarde. Niemand kan Hom keer nie, niemand mag vir Hom vra: 'Wat doen U?' nie.

36"Toe het my verstand teruggekom. Ek, Nebukadnesar, het weer soos 'n koning gelyk. My raadgewers en my ander belangrike amptenare het na my toe gekom. Hulle het my weer koning gemaak, en ek is nou 'n belangriker koning as wat ek was.

37Ek, Nebukadnesar, prys die Koning van die hemel, want alles wat Hy doen, is reg. Hy kan hoogmoedige mense verneder."

Daniël 5

© Bible Society of South Africa.

Koning Belsassar sien ’n hand wat skryf

1Koning Belsassar het ’n fees gehou. Hy het 1 000 van sy amptenare genooi om te
kom eet en hy het saam met hulle wyn gedrink.

2Belsassar het later dronk geword. Hy het gesê sy bediendes moet die goue bekers
en die silwer bekers bring wat Nebukadnesar uit die tempel van Jerusalem gevat
het. Die koning wou uit die bekers drink saam met sy vroue, sy byvroue en sy
amptenare. Belsassar het koning geword ná Nebukadnesar.

3Die bediendes het toe die goue bekers gebring wat Nebukadnesar gevat het uit die
tempel van God in Jerusalem. Koning Belsassar, sy amptenare, sy vroue en sy
byvroue het uit die bekers gedrink.

4Hulle het wyn gedrink en hulle het die gode geprys, die gode van goud,
silwer, brons, yster, hout en klip.

5Hulle was besig om dit te doen, toe het die vingers van ’n hand skielik begin skryf op
die muur van die koning se huis. Die hand was naby die lampstaander, en die koning
het die hand gesien wat skryf.

6Die koning het groot geskrik en sy gesig het bleek geword, sy hele liggaam het
gebewe.

7Hy het geskree en gesê hulle moet die slim mense bring. Toe die wyse mense
gekom het, sê hy vir hulle: “As iemand kan lees wat die hand op die muur geskryf het
en kan sê wat dit beteken, dan sal ek vir hom klere aantrek wat lyk soos ’n koning se
klere: pers klere en ’n goue ketting om sy nek. Hy sal ook die derde belangrikste man
in die land word.”

8Die wyse mense het almal ingekom in die kamer waar die koning was, maar hulle
kon nie lees wat op die muur geskryf is en hulle kon nie sê wat dit beteken nie.

9Koning Belsassar het baie bang geword, sy gesig was bleek. Sy amptenare het nie
geweet wat om te doen nie.

10Maar die koningin het gehoor wat die koning en sy amptenare praat. Sy het in die
eetsaal gekom en gesê: “Ek hoop die koning sal lank lewe. Jy moenie bang wees en
bleek word nie.

11Daar is ’n man in jou land, die heilige gode help hom. Koning Nebukadnesar, wat
koning was voor jou, het gesien die man is baie slim en sy wysheid is soos die
wysheid van die gode. Toe het Nebukadnesar hom die hoof gemaak van al die slim
mense.

12Die man se naam is Daniël, en koning Nebukadnesar het hom Beltsassar genoem.
Jy moet vir Daniël laat roep, hy sal vir jou sê wat die woorde op die muur beteken. Hy

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

kan sê wat drome beteken, hy kan antwoord wat mense vir hom vra en hy kan probleme oplos.”

13Hulle het vir Daniël na die koning toe gebring. Die koning het vir Daniël gesê: “Is jy Daniël, een van die mense wat koning Nebukadnesar weggevat het uit die land Juda en hiernatoe gebring het?

14Ek het gehoor die gode help jou en jy is baie slim.

15Ek het die wyse en slim mense laat kom om te lees wat daar op die muur geskryf is en om te sê wat dit beteken. Maar hulle kon dit nie doen nie.

16Toe het ek gehoor jy kan sê wat dinge beteken en jy kan probleme oplos. As jy nou kan lees wat daar geskryf is en kan sê wat dit beteken, dan sal ek vir jou klere aantrek wat lyk soos ’n koning se klere: pers klere en ’n goue ketting om jou nek. Jy sal ook die derde belangrikste man in die land word.”

17Toe het Daniël vir die koning gesê: “Koning, jy kan die presente hou of jy kan dit vir iemand anders gee. Maar ek sal lees wat daar geskryf is en ek sal vir jou sê wat dit beteken.

18“Nebukadnesar was koning voor jou. Jy weet dat die Hoogste God hom ’n groot en belangrike koning gemaak het.

19Daarom was die mense van al die volke bang vir Nebukadnesar, want hy kon almal doodmaak wat hy wou doodmaak. Hy kon ook almal laat lewe wat hy wou laat lewe. Hy kon mense belangrik maak of hy kon hulle verneder.

20Maar Nebukadnesar het hoogmoedig geword, en God het besluit hy sal nie meer koning wees en op ’n koning se troon sit nie. Die mense het hom nie meer gerespekteer nie.

21Hulle het vir Nebukadnesar weggejaag. Hy het soos ’n dier geword en hy het tussen die wildedonkies gaan woon. Hy moes gras eet soos ’n bees en die dou uit die lug het hom natgemaak. Nebukadnesar het daar gebly totdat hy geweet het dat dit God is wat besluit wie koning sal wees.

22“Maar, Belsassar, jy het koning geword ná Nebukadnesar. Jy het dit alles geweet, maar jy was hoogmoedig.

23Jy het gedink jy is belangriker as die Here van die hemel. Jy het saam met jou amptenare, jou vroue en jou byvroue wyn gedrink uit die bekers wat Nebukadnesar weggevat het uit die Here se tempel. En toe het julle die gode van silwer, goud, brons, hout en klip geprys. Dit is gode wat nie kan sien en hoor nie, hulle weet niks. Maar jy wou nie vir God eer nie, die God wat vir jou asem gee en wat besluit wat met jou moet gebeur.

24Dit is hierdie God wat die hand gestuur het om te skryf.

© Bible Society of South Africa.

25“Dit is die woorde wat op die muur geskryf is: ‘Mene, mene, tekel ufarsin.’

26Mene beteken: God het gekyk of jy ’n goeie koning is, en Hy het besluit jy sal nie meer koning wees nie.

27Tekel beteken: God het jou getoets en gesien jy is nie goed om ’n koning te wees nie.

28Ufarsin beteken: God sal jou land vir ander volke gee, vir die mense van Medië en Persië.”

29Belsassar het toe gesê hulle moet vir Daniël klere aantrek wat lyk soos ’n koning se klere: pers klere en ’n goue ketting om sy nek. Hulle moet vir almal sê Daniël is nou die derde belangrikste man in die land.

30Dieselfde nag het mense vir Belsassar, die koning van Babel, vermoor.

Daniël 6

Daniël en die leeus

1Darius was koning in die land van die Mediërs. Hy het koning geword toe hy 62 jaar oud was.

2Hy het 120 goewerneurs gekies om te regeer oor al die lande wat aan hom behoort.

3Koning Darius het ook drie hoof-amptenare gekies. Hulle moes kyk dat die goewerneurs hulle werk goed doen soos die koning wil hê. Een van die hoof-amptenare was Daniël.

4Daniël het sy werk beter gedoen as die ander twee hoof-amptenare en die goewerneurs, want hy was baie slim. Die koning het toe besluit hy wil vir Daniël kies om die belangrikste hoof-amptenaar te wees.

5Die ander twee hoof-amptenare en die goewerneurs wou by die koning gaan kla oor Daniël. Hulle wou vir die koning sê hy doen nie sy werk nie en hy werk nie reg nie. Maar hulle kon niks kry wat Daniël verkeerd gedoen het nie, want hy het alles goed en reg gedoen.

6Die ander twee hoof-amptenare en die goewerneurs sê toe vir mekaar: “Ons sal net by die koning oor Daniël kan gaan kla wanneer Daniël iets doen wat sy God wil hê.”

7Die twee hoof-amptenare en die goewerneurs het vinnig na die koning toe gegaan en gesê: “Koning, ons hoop jy sal lank lewe.

8Al jou belangrike amptenare het saam besluit dat jy ’n wet moet maak: Al die mense moet 30 dae lank net tot jou bid, en jy sal almal wat dit nie doen nie en tot ’n ander mens of god bid, vir die leeus gooi.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9Koning, jy moet nou hierdie wet maak, en dit moet ’n wet wees van Medië en
Persië, ’n wet wat niemand kan verander nie.”

10Koning Darius het toe die wet gemaak.

11Daniël het gehoor van die nuwe wet, maar hy het in sy huis gegaan en hy het elke
dag drie maal gekniel en gebid en sy God geprys soos hy altyd gedoen het. Hy het
gebid voor die oop vensters van die kamer op die dak. Die vensters was oop na
Jerusalem toe.

12Die ander amptenare het nader gehardloop en gesien Daniël bid tot sy God.

13Hulle gaan praat toe met die koning oor die wet wat hy gemaak het. Hulle het vir
hom gesê: “Koning, jy het ’n wet gemaak: Al die mense mag 30 dae lank net tot jou
bid, en as iemand in hierdie tyd tot ’n ander mens of god bid, dan sal jy hom vir die
leeus gooi.” Die koning het gesê: “Ja, dit is ’n wet van Medië en Persië, niemand kan
dit verander nie.”

14Toe sê die amptenare vir die koning: “Een van die manne van Juda wat hier in
Babel is, doen nie wat jy wil hê nie. Dit is Daniël, hy doen nie wat die wet sê nie. Hy
bid drie maal elke dag tot sy God.”

15Die koning was baie hartseer toe hy dit hoor. Hy wou vir Daniël red, en hy het die
hele dag ’n plan probeer maak om Daniël te help.

16Maar daardie amptenare het na die koning toe gegaan en vir hom gesê: “Koning, jy
moet onthou, dit is ’n wet van Medië en Persië. Niemand kan ’n wet wat die koning
gemaak het, verander nie.”

17Die koning het toe gesê hulle moet vir Daniël bring en hulle moet hom vir die leeus
gooi. Hulle het dit gedoen. Die koning het vir Daniël gesê: “Jou God wat jy aanhou
dien, Hy sal jou red.”

18Die leeus was in ’n gat in die grond. Die koning se manne het ’n klip oor die gat
gesit en hulle het dit met klei toegemaak. Die koning en sy belangrike amptenare het
hulle seëls in die klei gedruk sodat niemand die gat kan oopmaak om vir Daniël te
red nie.

19Die koning het huis toe gegaan. Hy het die hele nag niks geëet nie en met niemand
gepraat nie. Hy kon nie slaap nie.

20Toe dit lig word, het die koning vinnig na die gat gegaan waar die leeus was.

21Toe hy naby die gat kom, het hy hard vir Daniël geroep en gesê: “Daniël, jy is
’n dienaar van die God wat lewe. Kon jou God jou red? Jy het aangehou om Hom te
dien, kon Hy jou red, of het die leeus jou gevang?”

22Daniël het vir die koning gesê: “Ek hoop die koning sal lank lewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Ja, my God het sy engel gestuur. Die engel het die leeus se bekke toegebind, en hulle kon my nie byt nie. My God het dit gedoen omdat Hy weet ek het niks verkeerd gedoen nie, ook nie teen jou nie, Koning."

24Die koning was baie bly. Hy het gesê hulle moet vir Daniël uithaal uit die gat, en hulle het dit gedoen. Daar was nie 'n stukkende plek aan Daniël nie, want hy het geglo sy God sal hom help.

25Toe het die koning gesê hulle moet daardie manne bring wat wou hê dat Daniël moet sterf. Die koning het gesê hulle moet daardie manne vir die leeus gooi, ook hulle seuns en hulle vroue. Die leeus het hulle gevang en opgevreet nog voor hulle onder in die gat geval het.

26Koning Darius het toe 'n brief geskryf vir al die volke wat op die aarde woon. Hy het geskryf: "Ek hoop dit sal met julle baie goed gaan.

27Almal oor wie ek regeer, moet die God van Daniël dien en eer. Ek sê dit. "Hy is die God wat lewe en Hy sal altyd lewe. Hy sal altyd Koning wees, Hy sal altyd regeer.

28Hy red mense en maak hulle vry. Hy doen tekens en wonderwerke in die hemel en op die aarde. Hy het vir Daniël gered, die leeus het nie vir Daniël gevang nie."

29Dit het goed gegaan met Daniël in die tyd toe Darius koning was en in die tyd toe Kores koning was, Kores, die man van die land Persië.

Daniël 7

Die vier groot diere

1Een nag het Daniël gedroom. Dit was in die eerste jaar nadat Belsassar koning van Babel geword het. Daniël het gedroom hy sien iets en hy het alles geskryf wat hy gesien het.

2Daniël het geskryf: "Ek het gedroom en ek het iets gesien. Die wind het van al die kante gewaai. Dit het die branders van die groot see baie wild gemaak.

3Vier groot diere het uit die see gekom. Elke dier het anders gelyk as die ander diere.

4Die eerste dier het gelyk soos 'n leeu, maar hy het vlerke gehad soos 'n arend se vlerke. Ek het na hom gekyk en ek het gesien iemand trek sy vlerke uit en laat hom op twee bene staan soos 'n mens. Hy kon toe ook dink soos 'n mens.

5"Die tweede dier het gelyk soos 'n beer wat op sy agterpote staan. Daar was drie ribbe in sy bek. Iemand het vir die beer gesê: 'Jy moet staan, jy moet baie vleis vreet.'

6"Ek het weer gekyk en ek het nog 'n dier gesien. Hy het gelyk soos 'n luiperd, maar daar was vier vlerke op sy rug. Die dier het vier koppe gehad en hy was sterk.

© Bible Society of South Africa.

7“Ek het gesien daar kom ’n vierde dier. Dit was ’n dier wat mense baie bang gemaak het. Die dier was baie sterk. Hy het lang tande van yster gehad en hy het alles gevreet en stukkend gebyt. Hy het met sy pote getrap op die stukke wat oorgebly het. Hy was nie soos die ander drie diere nie. Hy het tien horings gehad.

8Ek het gewonder wat die horings beteken, en toe kom daar nog ’n horing tussen die ander horings uit. Dit was ’n klein horinkie. Iemand het drie van die ander horings uitgetrek, toe was daar plek vir hierdie klein horinkie. Daar was oë aan hierdie klein horinkie. Dit was oë soos ’n mens se oë, en die horinkie het ook ’n mond gehad. Die mond het baie hoogmoedig gepraat.

9“Ek het gesien die engele het trone neergesit, en die God wat altyd lewe, het op sy troon gaan sit. Sy klere was so wit soos sneeu en sy hare was soos skoon wol. Hy het op vuurvlamme gesit, sy troon het wiele gehad wat brand.

10Uit die troon het ’n rivier van vuur gevloei. Daar het duisende engele gestaan, baie duisende, hulle moes doen wat God wil hê. God, die Regter, het begin om die mense te oordeel. Die engele het die boeke oopgemaak, die boeke waarin hulle geskryf het wat elke mens gedoen het.

11“Ek het gesien wat gebeur omdat die horing hoogmoedig gepraat het. Ek het gesien hulle maak die dier dood en hulle verbrand hom. Daar het niks van hom oorgebly nie.

12Die drie ander diere kon nie aanhou doen wat hulle wil nie, maar hulle kon nog ’n kort tydjie lewe.

13“Ek het in die nag gedroom en gesien daar kom iemand. Hy was soos ’n mens, en hy het op die wolke gekom. Hy het gekom tot by die God wat altyd lewe. Die engele het hom na God gebring.

14God het hom ’n koning gemaak wat sterk en belangrik is. Al die mense sal hom dien in al die lande en in al die tale. Hy sal sterk bly en hy sal altyd koning wees.

15“Ek, Daniël, het groot geskrik, ek was geskok oor die dinge wat ek gesien het toe ek gedroom het.

16Ek het gegaan na een van die engele wat daar gestaan het, en ek het vir hom gevra wat al hierdie dinge beteken. Hy het vir my gesê wat dit beteken.

17Hy het gesê: ‘Hierdie vier groot diere is vier konings wat op die aarde sal regeer.

18Maar die gewyde mense van die Hoogste God sal konings word wat altyd sal regeer, ja, ewig en altyd.’

19“Ek, Daniël, wou meer weet oor die vierde dier. Hierdie dier was nie soos die ander diere nie. Hy was ’n dier wat al die mense bang gemaak het. Hy het tande van yster

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

en pote van brons gehad, en hy het alles gevreet en stukkend gebyt. Hy het met sy pote getrap op die stukke wat oorgebly het.

20Daar was tien horings op sy kop. Drie van die horings het uitgeval en ’n nuwe horing het uitgekom. Daardie horing het oë gehad en ’n mond wat hoogmoedig praat, en dit het gelyk of hy groter is as die ander horings.

21Ek het gesien daardie horing maak oorlog teen die gewyde mense en hy oorwin hulle.

22Toe het God gekom, die God wat altyd lewe. Hy het gesê die gewyde mense van die Hoogste God is die mense wat reg gelewe het. Dit is nou die regte tyd, en die gewyde mense moet nou konings wees.

23“Die engel het gesê: ‘Die vierde dier beteken daar sal konings wees wat die hele aarde sal verwoes en stukkend trap. Hulle sal nie soos die ander konings wees nie.

24Die tien horings beteken daar sal tien konings wees, en ná hulle sal daar nog ’n koning wees. Hy sal nie soos die ander konings wees nie, en hy sal drie konings oorwin.

25Daardie koning sal hoogmoedig praat teen die Hoogste God en hy sal die gewyde mense van die Hoogste God verdruk. Hy sal probeer om die wette te verander, en ook die tye wanneer hulle moet feesvier. Hy sal dit drie en ’n halwe jaar lank kan doen.

26Daarna sal God, die Regter, begin om die mense te oordeel. Daardie koning sal nooit weer kan doen wat hy wil nie.

27Dan sal die gewyde mense van die Hoogste God die konings wees, die sterk en groot konings van die hele aarde. Die Hoogste God sal altyd Koning wees. Al die ander konings sal Hom dien en doen wat Hy sê.’

28“Dit is wat ek, Daniël, gedroom en gesien het. Ek het groot geskrik en my gesig het bleek geword. Maar ek het vir niemand iets gesê nie.”

Daniël 8

Die skaap-ram en die bok-ram

1Ek, Daniël, het weer iets gesien. Dit was in die derde jaar nadat Belsassar koning geword het.

2Ek het gedroom ek is in Susan, die stad in die provinsie Elam, die stad wat sterk mure het. Ek het gedroom ek is by die Ulai-rivier.

3Ek het gesien daar staan ’n skaap-ram by die rivier en die skaap-ram het horings. Een horing was langer as die ander horing. Die kort horing het eerste begin groei, en toe het die lang horing begin groei.

© Bible Society of South Africa.

4Ek het gesien die skaap-ram stamp met sy horings na die weste en na die noorde en
na die suide. Die diere kon nie voor hom bly staan nie en niemand kon hom keer nie.
Die skaap-ram het gedoen wat hy wil, en hy het groot en sterk geword.

5Ek het gekyk, en toe kom daar ’n bok-ram uit die weste. Hy het baie vinnig oor al die
lande gehardloop, hy het nie aan die grond geraak nie. Tussen sy oë was ’n lang
horing.

6Die bok-ram het gekom tot by die ram met die twee horings, die skaap-ram wat ek
by die rivier gesien staan het. Die bok-ram het na die skaap-ram toe gehardloop so
vinnig soos hy kon.

7Ek het gesien die bok-ram kom by die skaap-ram en hy stamp die skaap-ram en
breek sy twee horings. Die skaap-ram kon nie bly staan nie. Die bok-ram het hom op
die grond gegooi en op hom getrap. Niemand kon die bok-ram keer nie.

8Die bok-ram het baie sterk geword, maar toe hy baie sterk was, het sy groot horing
afgebreek. Vier lang horings het uitgekom op die plek waar die groot horing was, een
horing na die ooste toe, een na die suide, een na die weste, en een na die noorde.

9Uit een van hierdie horings het nog ’n horing begin groei. Die horing was eers klein,
maar hy het baie groot geword na die suide en na die weste en na die pragtige land
toe.

10Die horing het so sterk geword dat hy die soldate van die hemel aangeval het. Die
horing het party van die soldate op die grond laat val en hy het op hulle getrap.

11Die horing het gedink hy is belangriker as God, die Hoof van die soldate van die
hemel. Die horing het vir die priesters gesê hulle moenie elke dag vir God offers
bring nie, en hy het die gewyde woonplek van God verwoes.

12Hy het gesê die priesters moenie die offers bring wat God gevra het nie, hulle moet
ander offers bring. Die horing het gedoen wat hy wil.

13Ek, Daniël, het gehoor ’n heilige engel praat, en hy vra vir ’n ander heilige engel:
“Hoe lank sal die dinge aanhou gebeur wat Daniël gesien het? Wanneer sal die
mense weer elke dag mag offers bring? Wanneer sal hierdie groot en verskriklike
sonde ophou? Hoe lank sal hulle nog met die gewyde tempel maak wat hulle wil?
Hoe lank sal hulle nog trap op die soldate van die hemel?”

14Die engel het vir my gesê: “Dit sal 2 300 aande en oggende aanhou. Dan sal hulle
weer die gewyde tempel begin gebruik.”

15Ek, Daniël, wou weet wat beteken die dinge wat ek sien. Skielik het daar voor my
iemand gestaan wat soos ’n man lyk.

16Ek het gehoor iemand praat uit die Ulai-rivier. Hy het gesê: “Gabriël, jy moet vir
Daniël sê wat beteken die dinge wat hy sien.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Gabriël het gekom tot waar ek staan. Ek het groot geskrik en ek het gaan lê met my
gesig teen die grond. Hy het vir my gesê: “Mens, jy moet weet, die dinge wat jy
gesien het, wys wat nog sal gebeur.”

18Ek, Daniël, het met my gesig teen die grond gelê toe Gabriël met my praat. Ek was
bewusteloos, maar hy het aan my geraak en hy het my regop laat staan.

19Gabriël het vir my gesê: “Ek sal nou vir jou sê wat sal gebeur wanneer God nie
meer kwaad sal wees vir sy mense nie.

20Die skaap-ram met die twee horings wat jy gesien het, is die konings van Medië en
Persië.

21En die bok-ram wat baie hare het, is die koning van die Grieke. Die groot horing
wat tussen sy oë was, is die eerste koning.

22Die groot horing het afgebreek, en vier horings het begin groei op die plek waar die
horing was. Die vier horings is vier konings. Hulle sal Grieke wees, maar hulle sal nie
baie sterk wees nie.

23Wanneer hulle nie meer regeer nie en die mense baie sonde gedoen het, dan sal
daar ’n koning kom wat baie wreed en geslepe is.

24Hy sal baie sterk wees, maar dit is God wat hom sterk sal maak. Hy sal baie dinge
verwoes. Hy sal doen wat hy wil. Hy sal sterk mense verwoes, ook die gewyde volk.

25Hy sal doen wat hy wil omdat hy baie geslepe is. Hy sal hoogmoedig word en hy sal
baie mense doodmaak. Niemand sal hom kan keer nie. Hy sal ’n vyand wees van
God, die Koning van konings. Maar wanneer dit die regte tyd is, dan sal God hom
breek.

26Die dinge wat jy gesien het, sal gebeur, die dinge oor die oggende en die aande.
Maar dit sal baie later gebeur. Jy moenie nou daaroor praat nie.”

27Ek, Daniël, het siek geword en ek het lank siek gebly. Ek het opgestaan en weer die
koning se werk gedoen, maar ek was baie geskok oor wat ek gesien het. Ek kon dit
nie verstaan nie.

Daniël 9

Daniël bid en bely die sonde van sy volk

1Darius was ’n Mediër en hy het koning geword ná Ahasveros. In die eerste jaar
nadat Darius koning geword het van Babel,

2het ek, Daniël, in die boeke gelees dat die Here met die profeet Jeremia gepraat
het. Die Here het vir hom gesê die vyande sal Jerusalem verwoes. Daar sal 70 jaar
lank net hope klippe wees.

3Ek het tot my Here, tot God, gebid. Ek het gevas en getreur.

© Bible Society of South Africa.

4Ek het gebid tot my Here, tot God. Ek het my sonde en die sonde van my volk bely en gesê: “Here, U is die Groot God. Almal moet bang wees vir U en hulle moet U eer. U maak ’n verbond met die mense wat lief is vir U en wat doen wat U gesê het. U is lief vir hulle.

5Ons het sonde gedoen, ons het verkeerd gedoen. Ons het nie geluister na U nie, ons het nie gedoen wat U gesê het ons moet doen nie.

6Ons het nie geluister na die profete nie. Hulle was u dienaars. Hulle het u boodskap gebring vir ons konings, ons amptenare, ons voorvaders, vir al die mense in die land.

7U het reg gedoen, maar ons het nie reg gedoen nie. Ons is skaam. Ons, die mense van Juda en Jerusalem, al die Israeliete, is skaam. Ons was ontrou aan U, en U het ons weggejaag na ander lande, lande wat naby is en lande wat ver is.

8Ons is skaam, Here, want ons het sonde gedoen teen U. Ons konings, ons amptenare en ons voorvaders het sonde gedoen teen U.

9Ons het nie geluister na U nie. Maar U, ons God die Here, U is genadig, U sal ons sonde vergewe.

10“U is ons God die Here, maar ons het nie na U geluister nie. U het die profete, u dienaars, na ons toe gestuur. Hulle het u wette vir ons gegee, maar ons het nie gelewe soos die wette sê nie.

11Al die Israeliete was ongehoorsaam aan U. Hulle het nie geluister na wat U gesê het nie. Daarom het U gedoen wat U gesê het. U het gesê U sal ons straf as ons sonde doen teen U. Moses, u dienaar, het dit so geskryf in sy wette.

12U het gedoen wat U vir ons en ons konings gesê het. U het dit baie sleg laat gaan in Jerusalem, dit het nog nooit in die hele wêreld so sleg gegaan nie.

13Moses het dit so geskryf in sy wette, en dit gaan baie sleg met ons. Maar ons het aangehou om verkeerd te doen en ons het vergeet dat U altyd reg is. Ons het nie gevra dat U weer goed moet wees vir ons nie, U, ons God die Here.

14En U, ons God die Here, U doen reg. U doen wat U gesê het. Ons het nie geluister na U nie, en U het dit sleg laat gaan met ons.

15“En nou, Here ons God, U het lank gelede u volk uit Egipte gebring toe U wonderwerke gedoen het. Daarom ken al die mense u Naam vandag nog. Maar ons het sonde gedoen, ons het verkeerd gedoen.

16Here, U het altyd u volk gered, red ons ook nou. Hou op om kwaad te wees vir u stad Jerusalem, vir u gewyde berg. Ons en ons voorvaders het sonde gedoen, ons het verkeerd gedoen. Dit is hoekom al die volke rondom ons nou lag vir Jerusalem en vir ons, u volk.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17“En nou, ons God, luister asseblief na my. Ek is u dienaar en ek bid: U moet
asseblief weer goed wees vir u tempel wat verwoes is, doen dit omdat U God is.

18Luister asseblief, my God, kyk hoe verwoes is ons en Jerusalem, die stad wat aan U
behoort. Ons bid dat U weer goed moet wees, nie omdat ons iets gedoen het wat reg
is nie, maar omdat U lief is vir ons.

19Here, luister asseblief. Here, vergewe ons asseblief. Here, doen dit asseblief.
Moenie wag nie. My God, doen dit asseblief omdat U God is, want hierdie stad en
hierdie volk behoort aan U.”

20Ek het gepraat en gebid. Ek het my sonde en die sonde van my volk Israel bely. Ek
het gebid tot my God die Here, ek het gebid vir die gewyde berg van my God.

21Ek was nog besig om te praat en te bid, toe vlieg Gabriël na my toe. Gabriël is
die engel wat ek by die Ulai-rivier gesien het. Hy het laat daardie middag by my
gekom.

22Hy het met my gepraat en vir my geleer om te verstaan wat ek gesien het. Hy het
gesê: “Daniël, ek het nou gekom om vir jou te leer om alles te verstaan wat jy gesien
het.

23God hou van jou, en toe jy begin het om te bid, het Hy al klaar gedoen wat jy gevra
het. Ek het gekom om vir jou te sê wat God gesê het. Jy moet luister en verstaan wat
jy gesien het.

24God het besluit dat jou volk en die mense van jou stad, die gewyde stad, 70 jaar
lank swaar moet kry, want hulle wou nie na God luister nie. In hierdie 70 jaar sal God
hulle straf, en dan sal Hy hulle sonde vergewe. Dan sal hulle altyd reg doen aan
mekaar. Die dinge wat die profete gesien het en wat hulle gesê het, sal gebeur. Die
mense sal die tempel weer bou en hulle sal dit wy.

25“Daniël, jy moet nou goed verstaan: God het gesê die mense moet terugkom en
hulle moet Jerusalem weer bou, maar sewe jaar moet eers verbygaan, dan sal
die gesalfde kom, die man wat moet regeer. Die mense sal die stad bou en hulle sal
ook die strate maak en slote rondom die stad grawe om die vyande te keer. Die stad
se mure sal 62 jaar lank regop staan, maar almal sal daardie tyd baie swaar kry.

26Wanneer die 62 jaar verby is, dan sal iemand die gesalfde doodmaak, en daar sal
niemand wees om ná hom te regeer nie. “’n Ander koning se mense sal kom en hulle
sal die stad en die tempel verwoes. Die mense sal soos ’n watervloed wees wat oor
die stad vloei. Die oorlog sal aanhou totdat die vyande alles verwoes het. God het
besluit dit moet gebeur.

27Die nuwe koning sal ’n ooreenkoms maak met baie mense. Die ooreenkoms sal
wees vir een jaar, maar in die middel van die jaar sal hy sê die priesters mag nie
meer offers en presente na die tempel bring nie. Hy sal iets in die tempel sit wat vir

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

God baie kwaad sal maak en wat alles sal verwoes. Maar God het besluit Hy sal die koning wat dit gedoen het, baie swaar straf wanneer dit die regte tyd is."

Daniël 10

Die man by die Tigris-rivier

1 Daniël het 'n boodskap gekry. Dit was in die derde jaar nadat Kores koning geword het van Persië. Daniël se ander naam was Beltsassar. Die dinge wat Daniël gehoor het, het regtig gebeur. Dit was moeilik om die boodskap te verstaan, maar Daniël het verstaan, want hy het gesien wat sal gebeur.

2 Ek, Daniël, het daardie tyd drie weke lank gerou en getreur.

3 Ek het nie lekker kos geëet nie, ek het nie vleis geëet en wyn gedrink nie, en daardie drie weke het ek nie olyf-olie aan my gesmeer nie.

4 Ek het op die wal van die groot Tigris-rivier gestaan. Dit was op die 24ste dag van die eerste maand.

5 Ek het gekyk en toe sien ek daar staan 'n man. Sy klere was van linne en sy belt was van goud.

6 Sy lyf was soos mooi klip, sy gesig was soos weerlig en sy oë was soos vlamme vuur. Sy arms en bene was soos brons wat blink gevryf is. Wanneer hy gepraat het, dan was sy stem soos die stemme van baie mense wat saam praat.

7 Net ek, Daniël, het die man gesien. Die manne wat by my was, het niks gesien nie, maar hulle het groot geskrik en hulle het weggekruip.

8 Ek was alleen en ek het die man gesien. Ek was baie bang, my gesig was baie bleek en ek het baie swak geword.

9 Ek het gehoor die man praat, en toe ek hom hoor, het ek met my gesig teen die grond gaan lê. Ek was bewusteloos.

10 Maar 'n hand het my gevat en die hand het my opgetel. Ek het op my knieë en my hande gestaan. Ek het gebewe.

11 Die man het vir my gesê: "Daniël, God hou van jou. Hy het my na jou toe gestuur, en jy moet luister na wat ek vir jou sê. Staan op."

12 Toe die man dit vir my sê, het ek opgestaan, maar ek het nog gebewe. Hy het vir my gesê: "Daniël, jy moenie bang wees nie. Jy wou graag verstaan wat jy gesien het, en jy was soos iemand wat rou. Jou God het daardie eerste dag gehoor wat jy wil bid en Hy het my na jou toe gestuur.

© Bible Society of South Africa.

13Die engel van die Perse het my 21 dae lank gekeer, maar ’n ander engel, Migael,
het gekom en my gehelp, en ek kon toe weggaan van die Persiese konings. Migael is
een van die leiers van die engele.

14Ek het gekom om vir jou te sê wat met jou volk sal gebeur en om dit vir jou te wys.”

15Die man het dit vir my gesê, maar ek het voor my op die grond gekyk. Ek kon niks
sê nie.

16Hy het soos ’n mens gelyk en hy het aan my lippe geraak. Toe kon ek praat. Ek het
vir die man voor my gesê: “Meneer, ek het groot geskrik toe ek jou sien. Ek is baie
swak.

17Ek is soos ’n slaaf vir Meneer. Ek kan nie met jou praat nie. Ek is te swak, ek het nie
asem nie.”

18Die man wat soos ’n mens gelyk het, het weer aan my geraak. Ek het toe sterk
geword.

19Hy het vir my gesê: “Jy moenie bang wees nie. God hou van jou. Hy sal dit goed laat
gaan met jou en Hy sal jou sterk maak.” Ek het sterk geword toe die man met my
gepraat het. Ek het gesê: “Meneer, jy kan nou praat, want jy het my sterk gemaak.”

Die vier konings

20-21Die man het gesê: “Weet jy hoekom ek na jou toe gekom het? Ek moet nou
teruggaan om oorlog te maak teen die engel van die Perse. Wanneer ek hom gewen
het, dan sal die engel van die Grieke my aanval. Niemand help my om teen hulle
oorlog te maak nie, net julle engel Migael help my. Maar ek sal nou vir jou sê wat
geskryf is in die Boek van die Waarheid.

Daniël 11

1“In die eerste jaar nadat die Mediër Darius koning geword het, was dit my werk om
hom te help en te beskerm.

2Wat ek nou vir jou sal sê, sal gebeur. Nog drie konings sal oor Persië regeer. Die
laaste koning sal ryker wees as al die ander konings. En omdat hy ryk is, sal hy sterk
wees en hy sal almal gebruik om oorlog te maak teen die koning van die Grieke.

3Maar daar sal ’n koning kom wat ’n goeie soldaat is. Hy sal regeer oor baie mense
en hy sal doen wat hy wil.

4Hy sal nie lank regeer nie, dan sal daar vier konings kom, een koning in die ooste,
een in die suide, een in die weste en een in die noorde. Hierdie konings sal nie sy
seuns wees nie en hulle sal nie so sterk wees soos hy nie.”

Die koning van die suide en die koning van die noorde

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5“Die koning van die suide sal sterk word, maar een van sy amptenare sal nóg sterker word en hy sal oor baie mense regeer. Hy sal die koning van die noorde word.

6Later sal hierdie twee konings ’n ooreenkoms maak. ’n Dogter van die koning van die suide sal trou met die koning van die noorde om te wys dat die twee konings ’n ooreenkoms gemaak het. Maar dit sal niks help vir die koning van die suide nie. Die dogter en die mense wat met haar saamgaan, sal sterf, en ook haar pa en haar man met wie sy daardie tyd getrou het.

7Een van die seuns van die koning van die suide sal koning word ná sy pa. Hy sal oorlog maak teen die nuwe koning van die noorde en hy sal kom in die stad wat sterk mure het. Hy sal met die mense doen wat hy wil.

8Hy sal die beelde van hulle afgode wegvat na Egipte en ook al hulle mooi goed van silwer en goud. Hy sal ’n lang tyd nie weer oorlog maak teen die koning van die noorde nie.

9Die koning van die noorde sal kom tot in die koning van die suide se land, maar hy sal weer teruggaan na sy eie land.

10“Dan sal die seuns van die koning van die noorde baie soldate bymekaarmaak. Die koning van die noorde en sy soldate sal kom soos ’n watervloed wat oor alles vloei. Hy sal gereedmaak en hy sal die koning van die suide aanval in die stad wat sterk mure het.

11Die koning van die suide sal baie kwaad word. Hy sal oorlog maak teen die koning van die noorde en hy sal die baie soldate oorwin.

12En wanneer hy gewen het, sal hy hoogmoedig word. Hy sal tienduisende mense doodmaak. Maar hy sal nie sterk bly nie.

13Die koning van die noorde sal teruggaan en hy sal nog meer soldate bymekaarmaak. Ná ’n lang tyd sal hy kom en hy sal baie soldate en baie wapens saambring.

14“In daardie tyd sal baie mense nie meer die koning van die suide wil dien nie. Daniël, party mense van jou volk sal hom ook nie meer wil dien nie. Hulle sal dink hulle moet oorlog maak om vry te word. Maar die koning sal hulle laat doodmaak.

15“Die koning van die noorde sal kom en hy sal ’n hoop grond gooi teen die sterk mure om die stad van die koning van die suide. Dan sal sy soldate oor die mure klim en hulle sal in die stad kom. Die koning van die suide en al sy sterk soldate sal nie die koning van die noorde kan keer nie.

16Die koning van die noorde sal doen wat hy wil. Niemand sal hom keer nie. Hy sal ook die pragtige land vir homself vat en hy sal dit verwoes.

© Bible Society of South Africa.

17Dan sal hy probeer om ’n ooreenkoms te maak met die koning van die suide sodat hy daardie koning se land vir hom kan vat. Die koning van die noorde sal vir die koning van die suide ’n vrou gee sodat sy plan kan slaag. Maar die plan sal nie slaag nie.

18“Daarna sal die hoogmoedige koning van die noorde oorlog maak teen die mense wat naby die see woon, en hy sal baie mense oorwin. Maar ’n ander leier sal oorlog maak teen die hoogmoedige koning en hy sal die hoogmoedige koning wen en hom verneder.

19Dan sal die leier teruggaan na sy eie land, na die stede wat sterk mure het. Maar iemand anders sal hom in ’n oorlog wen, en hy sal verdwyn.

20Ná hom sal ’n ander koning kom. Daardie koning sal iemand stuur om belasting by die ryk mense te vat. Iemand sal die koning doodmaak, maar nie in ’n oorlog nie.”

Die slegte koning van die noorde

21“Daarna sal ’n slegte man koning van die noorde word. Hy sal nie ’n seun van ’n koning wees nie, maar hy sal koning word omdat hy skelm is.

22Hy sal die leiers doodmaak wat teen hom wil oorlog maak, ook die leier van God se volk.

23Hierdie slegte man is die leier van min mense, maar hy sal ooreenkomste maak met baie mense en hy sal baie ooreenkomste breek. Daarom sal hy ’n sterk leier word.

24“Hy sal kom in ’n land waar daar baie ryk mense is, niemand sal hom kan keer nie. Hy sal doen wat die konings voor hom nie gedoen het nie. Hy sal al die goed wat hy daar vat, vir sy mense gee. Hy sal slim planne maak om oorlog te maak teen die stede wat sterk mure het. Maar hy sal dit nie lank doen nie.

25“Dan sal hy baie soldate bring om oorlog te maak teen die koning van die suide, en die koning van die suide sal gereedmaak om oorlog te maak. Die koning van die suide sal baie en sterk soldate bymekaarmaak, maar hy sal die oorlog verloor, want sy eie mense sal planne maak teen hom.

26Mense in sy eie huis sal hom laat verloor. Sy soldate sal vlug, en baie soldate sal sterf.

27Die twee konings sal saam eet, maar hulle sal vir mekaar lieg en hulle sal slegte planne maak teen mekaar. Hulle sal nie kan doen wat hulle wil doen nie, want God het besluit hulle sal nie meer konings wees nie.

28“Die koning van die noorde sal teruggaan na sy land en hy sal baie goed saamvat. Hy sal slegte dinge doen aan die gewyde mense. Dan sal hy teruggaan na sy land. God het ’n verbond gemaak met die gewyde mense.

© Bible Society of South Africa.

29"Wanneer God besluit het dit is die regte tyd, dan sal die koning van die noorde weer na die suide kom, maar dit sal nie wees soos voorheen nie.

30Die Romeine sal met skepe kom om oorlog te maak teen die koning van die noorde, en hy sal skrik en teruggaan na sy land. Maar eers sal hy weer slegte dinge doen aan die gewyde mense, God het 'n verbond gemaak met die gewyde mense. Hy sal vriendelik wees met die mense wat ontrou is aan God se verbond.

31Hy sal soldate stuur, en hulle sal die tempel ontwy. Hy sal sê die priesters mag nie meer elke dag offer nie. Hy sal iets in die tempel neersit wat vir God baie kwaad maak en wat alles verwoes.

32Die koning sal baie vriendelik wees met die mense wat verkeerd doen teen die verbond, maar die mense wat vir God ken, sal aanhou om nie verkeerde dinge te doen nie.

33Die verstandige leiers van die volk sal baie mense help om te verstaan wat gebeur, maar die koning sal party van die leiers laat doodmaak en verbrand. Hy sal ook party leiers wegvat na sy land toe.

34Min mense sal die leiers help, en baie mense sal maak of hulle saam met die leiers werk, maar hulle sal vals wees.

35Party van die verstandige leiers sal swaarkry sodat hulle beter mense kan word en reg kan wees op die dag wanneer die tyd verby sal wees. God het besluit wanneer dit sal wees.

36"Die koning sal doen wat hy wil. Hy sal dink hy is belangriker as 'n god, en hy sal ook lelik praat van God, die enigste God. Hy sal doen wat hy wil in die tyd wanneer God kwaad is vir sy volk. God het besluit dit moet gebeur, en dit sal gebeur.

37Die koning sal ander gode dien, nie die gode wat die konings gedien het wat voor hom regeer het nie. Hy sal ook nie die god dien vir wie die vroue lief is nie. Hy sal nie een van daardie gode dien nie.

38Maar die koning sal 'n god dien wat die konings wat voor hom regeer het, nie geken het nie. Dit is die god van die stede wat sterk mure het. Die koning sal vir hierdie god presente gee, goud en silwer, mooi klip en ander mooi goed.

39Die koning sal dink hierdie ander god help hom, en die koning sal oorlog maak teen die stede wat sterk mure het. Die koning sal baie goed wees vir almal wat hierdie god dien. Hy sal hulle laat regeer oor baie mense en hy sal vir hulle lande gee.

40"Later sal die koning van die suide oorlog kom maak teen die koning van die noorde. Maar die koning van die noorde sal oorlogkarre en soldate op perde en skepe bring en hulle sal soos 'n watervloed deur die lande vloei.

© Bible Society of South Africa.

41Hy sal in die pragtige land kom en hy sal baie mense doodmaak. Maar hy sal nie die land Edom vat nie, ook nie die land Moab en die land van die Ammoniete nie.

42"Die koning van die noorde sal baie lande vat, en hy sal die land Egipte ook vat.

43Die koning van die noorde sal al Egipte se mooi goue en silwer goed vir homself vat. Hy sal ook die mense van die land Libië en die mense van die land Kus oorwin.

44Maar dan sal hy slegte nuus kry uit die ooste en die noorde. Hy sal skrik en kwaad word en teruggaan om baie mense dood te maak.

45Hy sal sy tente opslaan tussen die Middellandse See en die mooi berg waar die tempel staan. Maar hy sal daar sterf, en niemand sal hom kan help nie."

Daniël 12

God sal sy volk red

1"In daardie tyd sal Migael kom. Hy is die groot engel wat jou volk moet beskerm. Die mense sal in daardie tyd baie swaar kry, die volke het nog nooit so swaar gekry nie. Maar in daardie tyd sal God jou volk red. Hy het hulle almal se name in sy boek geskryf.

2Baie mense wat nou in hulle grafte slaap, sal wakker word. Party mense sal altyd lewe, en God sal party mense vir altyd verneder en haat.

3Almal wat verstandig was en reg gedoen het aan ander mense, sal altyd skyn soos die sterre in die lug.

4En jy, Daniël, jy moet stilbly. Jy moet die boek toehou totdat die dag kom wanneer die tyd verby is. Baie mense sal oral soek en probeer verstaan wat gebeur."

Wanneer die tyd verby is

5Toe ek, Daniël, weer kyk, staan daar twee ander manne, die een man aan die een kant naby my, en die ander man aan die ander kant van die rivier.

6Die man met die linne-klere was in die lug bo die water van die rivier, en een van die manne langs die rivier het vir hom gevra: "Hoe lank sal hierdie wonderlike dinge aanhou?"

7Ek het gehoor die man met die linne-klere hou sy twee hande op na die hemel en hy vra die God wat altyd lewe om sy getuie te wees. Die man het gesê: "Drie en 'n half jaar lank. Die wonderlike dinge sal ophou wanneer die gewyde volk klaar swaargekry het."

8Ek het gehoor wat hy sê, maar ek het dit nie verstaan nie. Daarom het ek gevra: "Meneer, hoe sal die end wees van hierdie dinge?"

© Bible Society of South Africa.

9 Hy het gesê: “Jy moet nou gaan, Daniël, want die tyd moet eers verby wees, dan sal
mense weet wat hierdie dinge beteken.

10 Baie mense sal rein en skoon en goed word, maar die slegte mense sal sleg bly. Nie
een van die slegte mense sal verstaan nie, maar die verstandige leiers sal verstaan.

11 Die koning sal sê die priesters moenie elke dag offer nie. Hy sal ook iets in
die tempel sit wat vir God baie kwaad sal maak en wat alles sal verwoes. Daarna sal
1 290 dae verbygaan.

12 Dit sal goed gaan met die mense wat geduldig wag totdat 1 335 dae verbygegaan
het.

13 “Daniël, jy moet aanhou totdat dit die tyd is wanneer jy moet sterf. Jy sal rus, en
wanneer die tyd verby is, dan sal jy opstaan en kry wat God vir jou wil gee.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Hosea

Hosea 1

1Die Here het gepraat met Hosea seun van Beëri. Dit was in die tyd toe vier konings
ná mekaar koning van Juda was. Die konings was Ussia, Jotam, Agas en Hiskia.
Jerobeam seun van Joas was toe koning van Israel.

Julle is nie meer my volk nie

2Die Here het begin om met Hosea te praat. Die Here het vir Hosea gesê: “Jy moet
trou en jy moet kinders kry. Jou vrou en jou kinders sal ontrou wees, want al die
mense in die land is altyd ontrou aan die Here.”

3Hosea het toe gegaan en hy het met Gomer getrou. Gomer was die dogter van
Diblajim. Gomer het swanger geword en sy het ’n seun gekry vir Hosea.

4Die Here het toe vir Hosea gesê: “Jy moet die seun Jisreël noem, want die tyd is
naby wanneer Ek die nageslag van koning Jehu sal straf. Ek sal hulle straf, want hulle
het baie mense vermoor in die stad Jisreël. “Ek sal hulle koning wegvat, die land
Israel sal nie meer ’n koning hê nie.

5“Daardie dag sal Ek vyande laat kom om oorlog te maak teen Israel, en hulle sal die
mense van Israel oorwin in die Jisreël-vallei.”

6Gomer het weer swanger geword en sy het ’n dogter gekry. Die Here het gesê: “Jy
moet haar noem ‘Nie-Weer-Goed-Wees-Nie,’ “want Ek sal nooit weer goed wees vir
die mense van Israel nie. Nee, Ek sal hulle wegvat uit hulle land, Ek sal dit doen.

7“Maar vir die mense van Juda sal Ek goed wees. Ek is hulle God die Here, en Ek sal
hulle red. Ek sal dit nie doen met wapens en oorlog nie, nie met soldate op perde
nie.”

8Gomer se dogter, Nie-Weer-Goed-Wees-Nie, het grootgeword en sy het nie meer
aan haar ma gedrink nie. Gomer het toe weer swanger geword en sy het ’n seun
gekry.

9Die Here het gesê: “Jy moet hierdie seun noem ‘Nie-My-Volk-Nie,’ want julle is nie
meer my volk nie, en Ek is nie meer julle God nie.”

Julle is my volk

10“Maar eendag sal die Israeliete so baie wees soos die sand by die see, ’n mens kan
dit nie meet of tel nie. Ek het vir hulle gesê: ‘Julle is nie my volk nie,’ maar daardie
dag sal die mense vir hulle sê: ‘Julle is kinders van die God wat lewe.’

11Dan sal die mense van Juda en die mense van Israel bymekaarkom en hulle sal
een volk wees. Hulle sal vir hulle een leier kies en hulle sal die land terugvat. Ja,
daardie dag sal daar belangrike dinge gebeur in Jisreël.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Julle moet vir julle broers sê: ‘Julle is my volk,’ en vir julle susters moet julle sê: ‘Die Here sal weer goed wees vir julle.’ ”

Hosea 2

Die Israeliete het My vergeet

1Die Here het gesê: “Julle ma is Israel. Julle moet vir julle ma sê sy het verkeerd gedoen, want sy is nie meer my vrou nie, en Ek is nie meer haar man nie. Sy moet ophou om ontrou te wees en om egbreuk te pleeg.

2As sy nie ophou om dit te doen nie, dan sal Ek al haar klere uittrek, dan sal sy so kaal wees soos toe sy gebore is. Ek sal haar maak soos ’n woestyn waar nie water is nie. Sy sal sterf, want sy sal nie water hê om te drink nie.

3Ek sal ook nie vir haar kinders goed wees nie, want hulle is ontrou kinders.

4Hulle ma was ontrou, sy het slegte dinge gedoen, sy het gesê: ‘Ek is lief vir my gode, ek sal hulle dien. Hulle gee vir my brood en water, wol en vlas, olyf-olie en wyn.’

5Daarom sal Ek nou doringtakke in haar pad gooi, en Ek, die Here, sal ’n klipmuur om haar bou. Ek sal haar pad toemaak, sy sal nie kan rondloop nie.

6Sy sal probeer om by haar afgode te kom, maar sy sal dit nie regkry nie. Sy sal hulle soek, maar sy sal hulle nie kry nie. Dan sal sy sê: ‘Ek wil teruggaan na my God, want toe ek Hom gedien het, was dit beter as nou.’

7“Ja, sy wou nie glo dat dit Ek is wat vir haar koring en wyn en olyf-olie gee nie, en ook baie silwer en goud. Sy het ’n beeld gemaak van die silwer en goud, ’n beeld van die afgod Baäl.

8“Daarom sal Ek nou my koring en my wyn terugvat, daar sal nie koring wees om af te sny of druiwe om wyn te maak nie. Ek sal ook my wol en my vlas wegvat wat Ek vir haar gegee het om haar kaal lyf toe te maak.

9Nou sal Ek haar klere uittrek, en haar afgode sal sien sy is kaal, maar hulle sal haar nie kan red nie.

10Sy sal nie meer bly kan wees oor iets nie. Daar sal nie meer Hutte-feeste, Nuwemaan-feeste, Sabbatdae of ander feeste wees nie.

11Ek sal haar wingerde en haar vyebome verwoes. Hulle sal soos die bosse word, die wilde diere sal hulle vreet. Sy het gesê: ‘Dit is presente wat my afgode vir my gegee het.’

12“Ek sal haar straf, want sy het baie maal offers gebring vir die Baäls. Die mense van Israel is soos slegte vroue wat hulleself mooi maak met ringe en juwele en wat rondloop en ander mans soek. Maar vir My het hulle vergeet.” Dit sê die Here.

Ek sal weer goed wees vir my volk

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Die Here het gesê: “Maar Ek sal aanhou mooi praat met die mense van Israel totdat hulle weer my volk wil word. Ek sal hulle terugneem na die woestyn en Ek sal mooi dinge vir hulle sê.

14Ek sal weer vir hulle wingerde gee, en hulle sal daar in die Akor-vallei wag om in die land in te gaan. Hulle sal daar weer praat soos in die tyd toe hulle ’n jong volk was, toe hulle uit Egipte gekom het.”

15Die Here het ook gesê: “Daardie dag sal die mense van Israel sê: ‘U is ons God.’ Hulle sal nie meer sê: ‘U is ons Baäl’ nie.

16Ek sal die Baäls se name wegvat uit die mense van Israel se mond, hulle sal nie meer oor die Baäls praat nie.

17Daardie dag sal Ek hulle help om ’n ooreenkoms te maak, ’n ooreenkoms tussen hulle en die diere en die voëls en al die klein diertjies wat op die grond kruip. Daar sal nie meer oorlog wees in die land nie, Ek sal hulle veilig laat woon.”

18Die Here sê vir die mense van Israel: “Ek sal julle my volk maak, julle sal altyd my volk wees. Ek sal dit doen soos ’n man ’n bruid neem, dan is die bruid altyd sy vrou. Ek sal reg doen aan julle. Ek sal lief wees vir julle en goed wees vir julle.

19Ek sal julle my volk maak, julle sal My altyd wil dien. Julle sal altyd naby die Here wil wees.”

20Die Here sê: “Daardie dag sal Ek praat. Ek sal praat met die lug, en die lug sal met die aarde praat,

21en die aarde sal praat met die koring en die wyn en die olyf-olie, en hulle almal sal praat met die mense van Jisreël.

22Ek sal die mense van Jisreël soos saad maak, Ek sal hulle op die aarde saai. Ek sal weer goed wees vir Nie-Weer-Goed-Wees-Nie. Ek sal vir Nie-My-Volk-Nie sê: ‘Julle is my volk,’ en hulle sal sê: ‘U is ons God.’ ”

Hosea 3

Die Israeliete sal later weer terugkom

1Die Here het weer met my, Hosea, gepraat. Die Here het gesê: “Jy moet lief wees vir ’n vrou wat vir ander mans lief is en by hulle slaap. Dit is dieselfde met My en die Israeliete. Ek is lief vir hulle, maar hulle dien ander gode. Hulle eet graag die rosyntjiekoeke wat hulle vir die afgode offer.”

2Ek het toe vir my so ’n vrou gekoop. Ek het 15 stukke silwer betaal en ook een en ’n halwe gomer gars.

3Ek het vir haar gesê: “Jy moet lank by my bly en jy moenie ontrou wees en by ’n ander man slaap nie. Ek sal ook by jou bly.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Jy moet dit doen, want die Israeliete sal ook lank weg wees. Hulle sal nie ’n koning en amptenare hê nie, hulle sal nie offer nie en hulle sal ook nie klip-pale of beelde hê nie. Hulle sal nie vir die beelde kan bid en vra wat sal gebeur nie.

5“Maar die Israeliete sal later weer terugkom. Hulle sal hulle God die Here soek, en hulle koning Dawid. Hulle sal bewe en hulle sal na die Here toe kom en na die goeie dinge wat Hy vir hulle sal gee wanneer dit die regte tyd is.”

Hosea 4

My volk sterf omdat hulle nie naby My wil wees nie

1Israeliete, julle moet luister na wat die Here sê. Die Here sê die mense wat in die land woon, doen verkeerd. Hulle doen nie wat hulle belowe het nie. Hulle is nie lief vir die Here nie, hulle wil nie naby Hom wees nie.

2Hulle vervloek mekaar, hulle lieg, hulle maak ander mense dood, hulle steel, hulle slaap by ander mans se vroue, hulle hou aan om mense te vermoor.

3Daarom is dit so droog in die land. Almal wat in die land woon, kry swaar. Die diere en die voëls vrek, ook die visse in die see.

4Die Here sê: “ Priester, Ek praat met jou. Jou mense sê dit is jy wat verkeerd doen, nie iemand anders nie.

5Jy sal vandag sterf, en die profeet sal saam met jou sterf. Ek sal jou ma ook doodmaak.

6“My volk sterf omdat hulle nie naby My wil wees nie. Priester, dit was nie vir jou belangrik om naby My te wees nie. Daarom is dit nie vir My belangrik dat jy my priester is nie. Jy wou nie doen wat jou God wil hê nie. Daarom wil Ek nie hê jou seuns moet priesters wees nie.

7“Die priesters het baie geword, en hulle doen baie sonde teen My. Hulle dink hulle is baie belangrik, maar Ek sal hulle verneder.

8Priesters, julle is bly wanneer my volk baie sonde doen, want dan bring die mense baie sonde-offers, en dan kan julle daarvan eet.

9“Dit sal met die priesters gaan soos met die volk. Ek sal elkeen straf wat verkeerde dinge doen.

10Hulle sal eet, maar hulle sal honger bly, hulle sal by baie vroue slaap, maar hulle sal nie kinders kry nie. Hoekom? “Want hulle het opgehou om die Here te dien.

11Die priesters wil niks anders doen nie, hulle wil net by baie vroue slaap en baie wyn drink.

© Bible Society of South Africa.

12My volk het ook lief geword vir wyn. Daarom vra hulle vir ’n stuk hout wat hulle moet doen. Hulle dink hulle kieries sal vir hulle sê wat hulle wil weet. Hulle doen dit omdat hulle graag ander gode wil dien, hulle is ontrou aan die Here.

13My volk offer op die berge en op die heuwels, hulle offer onder die groot bome, want die bome het baie skaduwee. Daarom slaap julle dogters en skoondogters by ander mans.

14“Maar Ek sal hulle nie straf nie, want hulle mans slaap by die tempel-prostitute en hulle offer saam met die tempel-prostitute. ’n Volk wat nie sy verstand gebruik nie, sal sterf.

15“Mense van Israel, julle wil graag ontrou wees. Maar julle moenie die mense van Juda verkeerd lei sodat hulle ook ontrou word nie. Julle moenie in die stad Gilgal of in die sondestad Bet-El gaan offer nie. Julle moenie sê: ‘So seker soos die Here lewe’ wanneer julle dinge belowe nie.”

Die mense van Israel wil nie luister na die Here nie

16Ja, die mense van Israel is net so hardkoppig soos koeie wat nie wil luister na hulle eienaars nie. Hulle wil nie luister na die Here nie. Daarom sal die Here hulle nie oppas soos ’n mens skape in die veld oppas nie.

17Die mense van Efraim hou van afgode. Hulle moet dit los.

18Wanneer hulle klaar wyn gedrink het, dan gaan slaap hulle by die prostitute. Hulle leiers hou daarvan om slegte dinge te doen.

19Wanneer die stormwind hulle wegwaai, dan sal hulle offers nie help nie.

Hosea 5

Die mense van Israel was ontrou aan die Here

1Die Here het gesê: “Die priesters, die leiers van Israel, en die koning en sy familie moet almal luister. Hulle moet hoor hoekom die Here hulle wil straf. Hulle het die mense sonde laat doen op baie plekke: in die stad Mispa, op Tabor-berg,

2en in die stad Sittim. Maar die Here sal hulle almal straf.

3Die Here weet wat die mense van Israel gedoen het: Hulle was ontrou, en hulle het hulleself onrein gemaak.

4“Hulle het te veel verkeerde dinge gedoen, hulle kan nie terugkom na hulle God toe nie. Hulle wil graag ander gode dien, hulle wil nie naby die Here wees nie.

5“Die mense van Israel dink hulle is baie belangrik, maar die Here sal hulle straf oor wat hulle gedoen het. Die Here sal hulle verneder, want hulle het verkeerde dinge gedoen. En Hy sal die mense van Juda ook verneder.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Hulle sal skape en bokke en beeste bring om te offer en hulle sal vir die Here vra wat hulle moet doen. Maar die Here sal hulle nie antwoord nie, want Hy het hulle gelos.

7Hulle was ontrou aan die Here, want hulle het by die tempel-prostitute geslaap en kinders gekry. So het hulle die Nuwemaan-fees gevier, en daarom sal hulle sterf en sal die vyande hulle land vat."

Die Here sal hulle straf

8Die Here sê: "Julle moet die mense waarsku. Julle moet die ramshoring en die trompet blaas in die stede, in Gibea, Rama en die sondestad Bet-El. Die vyande kom, hulle is al naby die land Benjamin.

9Hulle sal die land Efraim verwoes op die dag wanneer die Here hulle sal straf. Dit sê Ek vir die stamme van Israel, en dit sal gebeur.

10"Die amptenare van Juda wil nou die mense van Israel se land vat, en daarom sal Ek hulle swaar straf.

11Die vyande het die mense van Efraim laat swaarkry, en dit is reg. Die mense van Efraim het afgode gedien wat hulle nie kan help nie.

12Ek het die mense van Efraim en Juda siek en swak laat word.

13Toe hulle sien hulle is siek, het die mense van Efraim vir Jareb, die koning van Assirië, gevra om hulle te help. Maar hy kon hulle nie help en gesond maak nie.

14Dit is Ék wat die mense van Efraim en Juda stukkend geskeur het soos 'n leeu mense doodbyt en wegsleep, en daar was niemand wat hulle kon help nie.

15"Ek sal nou vir hulle wag om na my tempel te kom. Hulle moet sê hulle het verkeerde dinge gedoen en hulle moet vir My vra wat Ek wil hê hulle moet doen. Wanneer dit sleg gaan met die mense van Efraim, dan sal hulle vir My kom vra wat hulle moet doen."

Hosea 6

Kom ons gaan terug na die Here toe

1Die Here het gesê: "Die mense van Israel en Juda sal sê: 'Kom ons gaan terug na die Here toe. Dit is Hý wat ons stukkend geskeur het, maar Hy sal ons weer gesond maak. Dit is Hy wat ons geslaan het, maar Hy sal ons seerplekke toedraai.

2Hy sal ons gesond maak ná twee dae, Hy sal ons laat opstaan op die derde dag sodat ons kan lewe soos Hy wil hê.

3Ons wil naby die Here wees, ons is haastig om naby Hom te wees. Hy sal na ons toe kom, dit is seker, so seker soos dit lig word in die oggend. Hy sal kom, soos die reën wat in die lente val en die grond natmaak.' "

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Julle liefde is soos ’n wolk

4Maar die Here sê ook: “Wat moet Ek met julle doen, mense van Israel en Juda?
Julle liefde is soos ’n wolk of soos dou. Dit is vroeg in die oggend daar, maar dit
verdwyn gou.

5Dit is hoekom Ek die profete gestuur het om hard te praat met julle en vir julle te sê
dat julle sal sterf. Ek wou julle straf, so seker soos die son elke dag opkom.

6Ek wou julle straf, want offers en brand-offers is nie vir My belangrik nie. Ek wil hê
julle moet lief wees vir My en julle moet naby My wees.

7Julle het die verbond met My gebreek soos julle gedoen het in die stad Adam. Julle
was toe ontrou aan My.

8Al die mense in die land Gilead het verkeerde dinge gedoen, hulle was skelm en
hulle het mense vermoor.

9Die klomp priesters het soos diewe gelê en wag langs die pad na die stad Sigem en
hulle het mense vermoor. Hulle het verkeerde dinge gedoen.

10Die dinge wat Ek in die volk Israel sien, is baie verkeerd. Die mense van Israel is
ontrou aan My, hulle het hulleself onrein gemaak.”

Ek weet alles wat hulle gedoen het

11Die Here het gesê: “Wanneer Ek dit weer goed laat gaan met my volk, dan sal Ek dit
ook doen vir die mense van Juda.

Hosea 7

1Ek wou Israel gesond maak. Maar toe sien Ek dat die mense van Efraim baie sonde
doen, Ek sien ook hoe sleg is die mense van Samaria. Hulle lieg en steel, hulle steel
mekaar se goed in die strate.

2Hulle dink Ek weet nie hoe sleg hulle is nie, maar Ek weet alles wat hulle gedoen
het.

3“Die koning en sy amptenare was bly dat hulle mense sleg was en gelieg het.

4Almal pleeg egbreuk. Hulle is warm soos ’n oond wat warm bly wanneer die bakker
nie meer vuurmaak nie en wag dat die brood eers moet reg word om te bak.

5Hulle koning het feesgevier, en toe het hulle sy amptenare baie dronk gemaak. Die
mense wat vir die koning moes help, het gesit en lag.

6Hulle is soos die kole in ’n oond wat in die nag warm bly en in die oggend weer
begin brand. Hulle wag vir die regte tyd om die koning dood te maak.

7Hulle is soos die vuur in ’n oond wat aanhou brand, hulle maak hulle leiers dood.
Hulle konings sterf almal, maar hulle vra nie dat Ek hulle moet help nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8“Die mense van Efraim lewe tussen ander volke, en die volke doen met die mense van Efraim wat hulle wil. Efraim beteken nou niks.

9Mense van ander lande regeer oor hulle en maak hulle swak, maar hulle weet dit nie. Hulle is soos brood wat oud en muf geword het, maar hulle weet dit nie.

10Die mense van Israel het gedink hulle is belangrik, maar hulle is nie meer belangrik nie. Hulle het nie teruggekom na hulle God die Here nie. Dit het sleg gegaan met hulle, maar hulle het nie vir die Here gevra wat hulle moet doen nie.

11Die mense van Efraim is soos ’n duif wat dom is. Hulle vra vir Egipte om hulle te help, maar dan vlieg hulle na Assirië toe.

12Ek sal hulle vang soos ’n mens voëls vang. Ek sal ’n vangnet oor hulle gooi en hulle vang wanneer hulle opvlieg.

13Dit sal sleg gaan met hulle, want hulle het weggevlug van My. Hulle sal baie swaar kry, want hulle wou nie luister na My nie. Ek wou hulle red, maar hulle het gelieg vir My.

14“Hulle het gebid en gevra dat Ek hulle moet help, maar hulle was vals. Hulle lê op die bed en huil en hulle sny hulleself met messe, want hulle dink Baäl sal vir hulle koring en wyn gee. Hulle dien My nie meer nie.

15Dit is Ék wat hulle grootgemaak het en wat vir hulle geleer het. Ek het hulle sterk laat word, maar hulle maak slegte planne teen My.

16Hulle gaan na gode toe wat nie kan help nie. Hulle is soos ’n boog wat breek wanneer jy ’n pyl wil skiet. Hulle amptenare sal sterf in oorlog, want hulle het hulleself vervloek. Die Egiptenaars sal vir hulle lag.”

Hosea 8

Die vyande sal soos ’n stormwind wees

1Die Here het gesê: “Julle moet die ramshoring blaas en die mense waarsku, want die vyande kom. Hulle is soos arende wat bokant die tempel vlieg en draai. Dit gebeur omdat die mense van Israel die verbond met My breek. Hulle wil nie luister na My nie.

2Hulle roep en sê vir My: ‘U is ons God. Ons is u volk Israel, ons is naby U.’

3Maar hulle het opgehou om goed te doen. Daarom sal die vyande hulle aanval.

4“Hulle het konings en amptenare gekies en aangestel, maar hulle het nie vir My gevra wie hulle moet aanstel nie. Hulle het beelde gemaak van goud en silwer. Daarom sal die vyande hulle doodmaak.

© Bible Society of South Africa.

5Hulle het in Samaria ’n beeld gemaak van ’n bul-kalf. Ek hou nie daarvan nie, Ek is
baie kwaad vir hulle. Hoe lank sal hulle onrein bly? Altyd?

6Daardie beeld is nie ’n god nie, want ’n Israeliet het dit met sy hande gemaak.
Daarom sal die vyande die kalfbeeld van Samaria stukkend slaan.

7“Die mense van Samaria was soos die wind, maar die vyande sal soos ’n stormwind
wees. Die vyande sal die bietjie koring wat julle afsny, alles op-eet.

8Die Israeliete kry swaar tussen die ander volke. Niemand hou van hulle nie,

9want hulle het na Assirië gegaan en vriende gesoek. Die mense van Efraim is
soos wildedonkies wat alleen rondloop.

10Hulle het vriende gesoek by die ander volke, maar dit sal nou nog slegter met hulle
gaan. Ek sal hulle nou op een plek laat bly, en hulle sal baie swaar kry. Die koning van
Assirië sal hulle baie belasting laat betaal.

11“Ja, die mense van Efraim het baie altare gebou en hulle het sonde gedoen by al
die altare.

12Ek het al my wette vir hulle neergeskryf, maar hulle het gemaak of hulle niks van
my wette weet nie.

13Hulle het vir My offers gebring, maar hulle het die vleis self geëet. Ek hou nie van
hulle nie. Ek sal onthou dat hulle sonde gedoen het en Ek sal hulle straf: Hulle sal
moet teruggaan na Egipte.

14“Die mense van Israel het vergeet dat Ek hulle gemaak het. Hulle en die mense
van Juda het mooi huise gebou, en ook sterk mure om die stede. Maar Ek sal vuur
stuur, en die vuur sal die stede en die groot en sterk huise afbrand.”

Hosea 9

Die Here sal hulle straf

1Die mense van Israel moenie feesvier en juig soos die ander volke nie, want hulle
was ontrou aan hulle God. Hulle het die afgod Baäl gedien op al die dorsvloere.

2Hulle sal nie koring en olyf-olie kry nie, en ook nie wyn nie.

3Hulle sal nie altyd woon in die land van die Here nie. Die mense van Efraim sal
teruggaan na Egipte en hulle sal onrein kos eet in Assirië.

4Daar sal hulle nie vir die Here wyn kan offer nie. Die Here sal nie hou van hulle
offers nie. Die kos wat hulle eet, sal hulle onrein maak. Dit sal wees soos die kos wat
mense eet wanneer hulle rou oor iemand wat dood is. Dit is kos wat onrein is, en
wat hulle nie in die tempel van die Here mag bring nie.

5Hulle sal nie kan bymekaarkom om die Fees van die Here te vier nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Want hulle mense wat nog lewe, sal in Egipte gaan woon. Hulle grafte sal in die
stad Memfis wees. Hulle mooi silwergoed sal tussen die bossies lê, en in hulle tente
sal dorings groei.

7Die Here sal hulle straf, en dit sal gou gebeur. Die mense van Israel sal dit weet.

God het die profeet gestuur

Julle dink die profeet is dom. Julle dink hy is mal wanneer die Here vir hom wys wat
sal gebeur. Maar hy is so omdat julle so baie sonde doen en omdat julle almal sy
vyande is.

8God het die profeet gestuur, en die profeet moet die mense van Efraim oppas.
Maar hulle wil die profeet vang soos ’n mens ’n voël vang. Hulle wil hom aanval, ook
in die tempel van sy God.

9Hulle is baie slegte mense, hulle is so sleg soos die mense van die stad Gibea, lank
gelede. Die Here sal onthou wat hulle gedoen het, Hy sal hulle straf oor hulle sondes.

Dit sal sleg gaan met hulle

10Die Here het gesê: “Ek was bly oor die mense van Israel, so bly soos oor druiwe
wat ’n mens in die woestyn kry, so bly soos oor die eerste vye aan ’n jong vyeboom.
Maar hulle voorvaders het die skande-afgod gaan dien by die stad Baäl-Peor, en
hulle het net so stink en sleg geword soos die afgod.

11“Alles sal verdwyn waarop die mense van Efraim trots was. Dit sal wees soos
wanneer ’n duif wegvlieg en nie terugkom nie. Die mense van Efraim sal nie meer
kinders kry nie.

12En wanneer hulle probeer om die kinders wat hulle het, groot te maak, dan sal Ek
die kinders doodmaak. Daar sal niemand oorbly nie. Dit sal sleg gaan met hulle
wanneer Ek hulle los en weggaan.

13Die mense van Efraim was vir My soos jong palmbome in goeie grond, maar nou
moet die mense van Efraim hulle kinders bring sodat iemand hulle kan doodmaak.”

14Die profeet Hosea het gebid en gesê: “Here, wat sal U doen met die mense van
Israel? Dít is wat U moet doen: Hulle vroue moenie meer kinders kry nie.”

15Die Here het gesê: “Die mense van Israel het by die stad Gilgal begin om sonde te
doen. Ek het hulle daardie tyd begin haat omdat hulle verkeerd gedoen het. Ek sal
hulle nou wegjaag uit my tempel, want Ek wil nie meer lief wees vir hulle nie.
Hulle amptenare wil nie luister na My nie.

16Die mense van Efraim het geword soos wingerdstokke wat siek is en wat nie
druiwe dra nie, hulle wortels is droog. Die mense van Efraim kry nie kinders nie, en
as hulle miskien kinders kry, dan sal Ek die kinders doodmaak.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Die profeet Hosea het gesê: “My God sê die mense van Efraim is nie meer sy volk nie, want hulle het nie geluister na Hom nie. Daarom moet hulle nou rondswerf tussen ander volke.”

Hosea 10

Die vyande sal die stad Samaria verwoes

1Die mense van Israel het baie geword. Hulle was soos wingerdstokke wat baie druiwe dra. Maar toe hulle baie word, het hulle baie altare gebou. Toe dit goed gaan met die land, het hulle mooi klip-pale gemaak.

2Hulle is vals, daarom is dit reg dat die Here hulle straf. Hy sal hulle altare stukkend breek en hulle klip-pale verwoes.

3Hulle sê nou: “Ons wil nie luister na die koning nie, want ons is nie bang vir die Here nie, en ’n koning kan ons nie help nie.”

4Hulle belowe baie dinge, en hulle sê die Here is die getuie, maar hulle lieg wanneer hulle dit sê. Hulle laat mense sterf wat reg gedoen het. Dit is soos wanneer die mense die giftige plante eet wat groei by die waterslote langs die koringlande.

5Die mense wat in die land Samaria woon, is bekommerd oor die beeld van die bul-kalf in die sondestad Bet-El. Die volk en die priesters huil en treur oor die beeld, want die vyande het alles weggevat wat by die beeld was.

6Hulle sal die beeld ook wegvat en hulle sal dit vir die koning van Assirië present gee. Die vyande sal die mense van Efraim spot, dan sal hulle skaam wees oor alles wat hulle wou doen.

7Die vyande sal die stad Samaria verwoes. Die stad en sy koning sal verdwyn. Dit sal wees soos ’n stokkie wat wegdryf op die water.

8Die vyande sal die offer-plekke in Bet-El verwoes, daar waar die mense van Israel sonde gedoen het. Dorings en bossies sal op hulle altare groei. Hulle sal vir die berge en die heuwels sê: “Val op ons, maak ons toe!”

9Die Here het gesê: “Die mense van Israel het sonde gedoen, hulle het gedoen soos die mense van Gibea, en hulle het aangehou om sonde te doen. Daar was oorlog teen die slegte mense van Gibea,

10en wanneer Ek so besluit, dan sal Ek die mense van Israel ook straf. Ek sal ander volke bymekaar laat kom teen hulle om hulle te straf, want hulle het weer en weer sonde gedoen.

11“Die mense van Efraim was soos ’n mak jong koei wat daarvan hou om koring op die dorsvloer te trap. Toe Ek daar verbykom en Ek sien sy het ’n sterk nek, wou Ek

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

haar inspan voor die ploeg. Juda en die nageslag van Jakob moes saam die ploeg trek en die grond gelyk maak.

12"Ek het vir hulle gesê: 'Julle moet doen wat Ek wil hê, dit is die saad wat julle moet saai. Dan sal Ek lief wees vir julle, dit sal die koring wees wat julle afsny. Julle moet nou begin om op my koringland te werk. Dit is nou die tyd om te vra wat die Here wil hê. Dan sal Hy kom en Hy sal dit laat reën, sodat dit goed sal gaan met julle.'

13"Maar julle het verkeerd gedoen, dit is die saad wat julle gesaai het. Daarom gaan dit sleg met julle, dit is die oes wat julle afgesny het. Hoekom? "Omdat julle leuens vertel het. Daarom sal Ek julle straf. Julle het gedink dit sal goed gaan as julle self planne maak en baie soldate het.

14Daar sal oorlog kom teen julle. Die vyande sal al julle stede verwoes wat hoë mure het. Dit sal sleg gaan met julle soos met die mense van die stad Bet-Arbel toe koning Salman die ma's en hulle kinders saam doodgeslaan het.

15So sal dit ook gaan met die mense van Bet-El, want hulle het baie lelike dinge gedoen. Wanneer die dag begin, dan sal Israel nie meer 'n koning hê nie."

Hosea 11

Ek was goed vir hulle

1Die Here het gesê: "Toe Israel 'n jong seun was, was Ek lief vir hom. Ek het my seun uit Egipte geroep.

2Ek het die mense van Israel geroep, maar hulle het weggegaan van My. Hulle het vir die Baäls gaan offer, hulle het vir beelde offers gebring.

3Dit was Ék wat vir Efraim geleer het om te loop. Ek het hulle in my arms gedra, maar hulle het nie onthou dat dit Ek is wat hulle gesond maak nie.

4Ek was goed vir hulle, Ek was lief vir hulle. Ek het hulle gedra soos 'n mens 'n baba dra, Ek het gebuk en vir hulle kos gegee.

5Ek wou nie hê hulle moet teruggaan na Egipte nie, en Ek wou nie hê die koning van Assirië moet oor hulle regeer nie. Maar hulle wou nie terugkom na My toe nie.

6Daarom sal die vyande die mense doodmaak binne-in die stede. Die vyande sal die poorte oopbreek en hulle sal die raadgewers van die koning doodmaak."

Ek wil julle nie laat gaan nie

7Die Here het gesê: "My volk het vas besluit om My nie meer te dien nie. Hulle vra vir 'n afgod om hulle te help, maar hy kan hulle nie optel en help nie.

8Maar Ek wil julle nie laat gaan nie, mense van Efraim! En mense van Israel, Ek wil julle nie vir 'n ander god gee nie! Ek wil julle nie laat gaan soos Ek by die stad Adma

© Bible Society of South Africa.

gedoen het nie. Ek wil nie met julle doen soos Ek met die stad Seboïm gedoen het nie. My hart is seer, Ek is baie jammer vir julle.

9Ek is kwaad, maar Ek sal nie die mense van Efraim doodmaak nie, want Ek is God, Ek is nie ’n mens nie. Ek is die heilige God wat by jou is. Ek sal nie kwaad wees wanneer Ek kom nie.

10Die mense sal die Here volg. Die Here sal brul soos ’n leeu, ja, Hy sal brul, en sy kinders sal bewe en na Hom toe kom. Hulle sal kom uit die weste,

11hulle sal soos voëls bewe en hulle sal uit die land Egipte kom, hulle sal kom soos duiwe uit die land Assirië. Ja, Ek sal hulle terugbring na hulle huise.” Die Here sê dit.

Hosea 12

Nou moet die nageslag van Jakob terugkom

1Die Here het gesê: “Die mense van Efraim het aangehou om vir die Here te lieg, maar die mense van Juda dien nog die heilige God.

2Die mense van Efraim vra die Assiriërs om hulle te help, maar dit help niks. Dit is soos iemand wat die wind probeer vang. Hulle lieg oral waar hulle gaan. Hulle soek moeilikheid, want hulle belowe om die Assiriërs te dien, maar hulle stuur olyf-olie na die Egiptenaars toe. Hulle vra die Egiptenaars moet hulle help teen die Assiriërs.”

3Die Here sê die mense van Juda het ook verkeerd gedoen, maar Hy wil nou die nageslag van Jakob straf. Hy wil hulle straf omdat hulle verkeerd gedoen het.

4Jakob was skelm voordat hy gebore is, hy het aan sy broer se voet vasgehou. Toe hy groot was, het hy met God gestoei.

5Hy het met die Engel gestoei en gewen. Jakob het gehuil, en God was jammer vir hom. God het Jakob by Bet-El gekry en God het daar met Jakob gepraat.

6Die Here het dit gedoen. Hy is die God wat oor alles regeer, sy Naam is: Die Here.

7Nageslag van Jakob, nou moet julle terugkom na julle God toe. Julle moet lief wees vir mekaar en doen wat reg is, julle moet altyd glo dat Hy julle sal help.

8Maar die handelaars meet nie reg wanneer hulle iets verkoop nie, hulle laat die mense swaarkry.

9Die mense van Efraim sê: “Ons het ryk geword, ons het baie goed bymekaargemaak, maar ons het niks verkeerd gedoen nie, niks.”

10Die Here sê: “Ek, julle God die Here, het julle geken toe julle nog in Egipte was. Ek sal julle weer in tente laat woon soos daardie tyd toe julle in die woestyn was.

11Ek het met die profete gepraat, Ek het vir hulle gewys wat sal gebeur. Ek sal hulle nou stuur om so te praat dat die mense hulle nie kan verstaan nie.

© Bible Society of South Africa.

12“Die mense van die land Gilead is sleg en hulle beteken niks. Hulle offer bulle in die stad Gilgal, maar Ek sal hulle altare afbreek, en die klippe van die altare sal op mekaar lê langs die koringlande.

13“Jakob het gevlug na die land van die Arameërs. Hy het daar gaan werk om ’n vrou te kry. Hy het skape opgepas om ’n vrou te kry.

14Die Here het ’n profeet gestuur om die Israeliete uit Egipte te bring, ’n profeet het hulle opgepas.

15“Maar die mense van Efraim het die Here baie kwaad gemaak. Hulle het baie mense doodgemaak, en hulle Here sal hulle straf.”

Hosea 13

Die mense van Efraim sal verdwyn

1Die Here het gesê: “Lank gelede was almal bang vir die mense van Efraim. Al die Israeliete het gedink die mense van Efraim is die belangrikste. Maar die mense van Efraim het sonde gedoen, hulle het vir Baäl gedien, en daarom het hulle gesterf.

2Maar nou doen hulle nog meer sonde: Hulle maak beelde. Hulle vat silwer en maak daarvan beelde van afgode soos hulle dink die beelde moet lyk. Ambagsmanne maak die beelde wat soos ’n bul-kalf lyk, en hulle sê die mense wat wil offer, moet die beelde soen.

3Daarom sal die mense van Efraim verdwyn soos ’n wolk in die oggend, soos dou wat vroeg weggaan. Hulle sal verdwyn soos kaf wat wegwaai van die dorsvloer, soos rook wat kom deur ’n gat in ’n huis se muur.

4“Toe hulle uit Egipte gekom het, was Ek hulle God die Here. Net Ek was naby hulle, daar was nie ’n ander god wat hulle kon red nie.

5Ek was saam met hulle in die woestyn, in die droë land.

6Maar toe Ek vir hulle kos gegee het, en hulle genoeg geëet het, toe het hulle hoogmoedig geword en hulle het vergeet dat Ek hulle God is.

7“Ek het toe besluit Ek wil die mense van Efraim doodmaak. Ek het geword soos ’n leeu, soos ’n luiperd wat langs die pad vir hulle lê en wag.

8Ek was so kwaad soos ’n beer-wyfie wanneer iemand haar kleintjies wegvat. Soos ’n leeu wou Ek hulle bors oopskeur en hulle opvreet. Soos ’n roofdier wou Ek hulle stukkend skeur.

9“Ek wou hulle doodmaak, want hulle was teen My, hulle was teen die God wat vir hulle gehelp het.

10Hulle koning is nou weg, hy kon hulle nie help nie, nie in een van hulle stede nie. Hulle leiers is ook weg. Die Israeliete het gesê: ‘Gee vir ons ’n koning en amptenare.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Ek was kwaad vir hulle, maar Ek het vir hulle ’n koning gegee, en Ek het die koning
weggevat toe Ek baie kwaad was.”

Die dood moet hulle vat

12Die Here weet alles wat die mense van Efraim gedoen het, Hy onthou al hulle
sondes.

13Hulle was soos ’n baba wat gebore moes word maar wat te dom was om te weet
hoe hy uit sy ma se liggaam kan kom.

14Die Here vra: “Moet Ek nou betaal sodat hulle nie in die doderyk kom nie? Moet
Ek betaal sodat hulle nie sterf nie? Nee, die dood moet hulle vat soos dorings ’n
mens vashou, soos wanneer bye mense doodsteek met hulle angels. Ek is nie meer
jammer vir hulle nie.”

15Efraim is soos ’n groen plant wat mooi groei tussen die riete, maar die oostewind
sal kom. Die Here sal die wind stuur uit die woestyn, en daar sal niks water oorbly
nie, die fonteine sal leeg word. Die vyande sal kom en hulle sal die mooi goed vat,
hulle sal alles vat wat die mense bymekaargemaak het.

Hosea 14

1Die mense van die stad Samaria moet tevrede wees wanneer God hulle straf, want
hulle wou nie luister na hulle God nie. Die vyande sal hulle doodmaak, die vyande sal
hulle babatjies doodslaan en hulle sal die swanger vroue oopkap.

Ek sal hulle gesond maak

2Mense van Israel, julle moet terugkom na julle God die Here toe, want julle kry
swaar. Dit is omdat julle sonde gedoen het.

3Julle moet terugkom na die Here toe, julle moet vir Hom sê: “Vergewe asseblief ons
sonde en luister na wat ons vir U wil sê. Hierdie woorde is ons offer.

4Die koning van Assirië sal ons nie help nie, en ons wil nie weer oorlog maak nie. Ons
sal nooit weer sê ’n beeld wat ons self gemaak het, is ons god nie. Ons is soos
weeskinders, en ons weet dat U goed sal wees vir ons.”

5Die Here sê: “Ek sal hulle gesond maak sodat hulle nie weer sal weggaan van My
nie. Ek sal baie lief wees vir hulle, Ek is nie meer kwaad vir hulle nie.

6Ek sal vir die Israeliete so goed wees soos die dou vir die veld. Hulle sal so mooi
groei soos blomme, en hulle sal diep wortels hê soos die bome op die Libanon-berg.

7Hulle jong takkies sal groei en hulle sal so mooi word soos ’n olyfboom, en hulle sal
so lekker ruik soos die bome op die Libanon-berg.

8Die mense sal weer woon in die skaduwee van die Libanon-berg. Hulle sal groei soos
koring, hulle sal druiwe dra soos ’n wingerdstok, en hulle wyn sal so goed wees soos
die wyn van die Libanon-berg.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9 Mense van Efraim, Ek wil nie meer kyk na die beelde van julle afgode nie. Ek sal
luister na julle gebed en Ek sal vir julle sorg. Ek is soos ’n sipresboom wat altyd groen
blare het. Dit is Ek wat julle sal laat lewe.”

Die pad van die Here is reg

10 Almal wat wysheid het, almal wat verstand het, moet luister na wat Hosea in
hierdie boek geskryf het. Julle moet luister, want die paaie van die Here is
reg. Regverdige mense loop op die Here se paaie, maar die mense wat nie na Hom
wil luister nie, sal val.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Joël

Joël 1

[1]Die Here het met Joël gepraat. Joël was die seun van Petuel.

Daar het sprinkane gekom

[2]Julle wat leiers is, moet luister, julle almal wat in die land woon, moet hoor wat die Here sê. Die dinge wat nou gebeur, het nog nooit voorheen gebeur nie.

[3]Julle moet dit vir julle kinders vertel, en julle kinders moet dit vir hulle kinders vertel, en hulle kinders moet dit ook vir hulle kinders vertel.

[4]Daar het baie sprinkane gekom, hulle het vier maal gekom, en elke maal het hulle al die plante opgevreet.

[5]Die mense wat altyd dronk is, moet nou wakker word en huil. Almal wat lief is vir wyn, moet huil, want daar is niks wyn om te drink nie.

[6]Die sprinkane was soos soldate wat sterk en baie is. Hulle het die land aangeval, hulle het tande en kakebene soos leeus.

[7]Hulle het die vyebome kaal gevreet en hulle het ook die wingerde verwoes. Hulle het die bome se bas afgevreet en uitgespoeg, die takke is kaal.

Julle moet treur

[8]Julle moet treur. Julle moet huil soos ’n jong meisie wat treur omdat haar verloofde dood is.

[9]Daar is nie koring-offers en drank-offers by die tempel van die Here nie. Daarom treur die priesters wat vir die Here werk.

[10]Daar groei niks op die koringland nie, die grond is droog. Daar is niks koring nie, die druiwe is droog en dood, en ook die olywe.

[11]Die boere weet nie wat om te doen nie, hulle huil oor die koring en die gars, want in die grond groei niks wat hulle kan afsny nie.

[12]Die wingerde en die vyebome is droog en dood, en ook die granaatbome, die palmbome en die appelbome. Al die bome is droog en dood. Daar is niks waaroor die mense bly kan wees nie.

[13]Die priesters wat by die altaar werk, moet rouklere aantrek, hulle moet huil en treur. Hierdie mense wat vir my God werk, moet rouklere aantrek ook wanneer hulle gaan slaap, want daar is nie koring-offers en drank-offers in die tempel van hulle God nie.

[14]Hulle moet ’n dag aan die Here wy en almal moet op daardie dag vas. Hulle moet die leiers en almal wat in die land woon, bymekaarmaak in die tempel van hulle God die Here, en dan moet hulle vir die Here vra om hulle te help.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Die dag van die Here is naby. Dit is ’n dag wanneer almal bang sal wees! Die Almagtige God wil alles verwoes.

16Ons sien daar is niks om te eet nie. Niemand is bly in die tempel van ons God nie, niemand juig nie.

17Die koringsaad lê nog onder die droë grond, die stoorkamers is leeg, die plekke waar ons koring bêre, val inmekaar, want daar is nie koring nie.

18Die beeste bulk en raas, hulle loop oral rond, want daar is niks om te vreet nie. Die skape en bokke kry ook swaar.

19Here, ek bid tot U, help ons. ’n Vuur het al die bome en die veld afgebrand waar die diere wei.

20Ook die wilde diere wag dat U help, want daar is nie water in die riviere nie, en die veld waar hulle wei, het afgebrand.

Joël 2

Die dag van die Here kom nou

1Julle moet die ramshoring blaas en hard skree op my gewyde berg Sion. Almal wat in die land woon, moet bewe, want die dag van die Here kom nou, die dag is naby.

2Dit sal daardie dag baie donker wees, die wolke sal swart wees. Die sprinkane sal soos baie en sterk soldate oral op die berge wees en hulle sal alles donker maak. Soos die lig in die oggend oor die berge kom, so sal die sprinkane oral op die berge wees. Daar was nog nooit so baie sprinkane nie en daar sal nooit weer so baie wees nie.

3Waar die voorste sprinkane vreet, lyk dit of ’n vuur alles afbrand, en wanneer die agterste sprinkane weggaan, dan is die veld so kaal soos wanneer dit afgebrand het. Voordat die sprinkane kom, lyk die veld soos ’n baie mooi tuin, en wanneer hulle weggaan, dan lyk die veld soos ’n woestyn. Niks kan daar lewe nie. Daar bly niks oor nie.

4Die sprinkane lyk soos perde, hulle hardloop soos vinnige perde.

5Hulle raas soos wanneer oorlogkarre oor die berge jaag, hulle raas soos wanneer kaf in ’n vuur brand, soos wanneer baie soldate aankom om oorlog te maak.

6Al die volke bewe wanneer die sprinkane kom, almal skrik, en hulle gesigte word bleek.

7Die sprinkane hardloop soos soldate wat kom oorlog maak, hulle klim bo-oor die stad se mure. Elkeen gaan reguit vorentoe, hy draai nie links of regs nie.

© Bible Society of South Africa.

8Hulle stamp nie teen mekaar nie, elkeen loop op sy eie pad. Die mense gooi baie
sprinkane met klippe dood, maar die ander sprinkane staan nie stil nie.

9Hulle hardloop in die stad in, hulle hardloop oor die mure, hulle klim teen die huise
op, hulle klim soos diewe deur die vensters.

Dit is die Here self wat die sprinkane bring

10Wanneer die sprinkane kom, dan bewe die aarde en skud die hemel. Dan word die
son en die maan donker, en die sterre skyn nie meer nie.

11Dit is die Here self wat die sprinkane bring. Die sprinkane is sy soldate, en Hy roep
hulle om te kom. Hulle is baie soldate en hulle is sterk, en hulle almal luister na Hom.
Ja, die dag van die Here is ’n vreeslike dag! Dit is ’n verskriklike dag, niemand sal
lewe wanneer daardie dag verby is nie.

12Maar die Here sê daar is nog tyd. Hy sê: “Julle moet terugkom na My toe. Julle
moet My altyd dien, julle moet net vir My dien.”

Skeur julle harte

Julle moet vas en huil en treur.

13Moenie net vir mense wys julle is jammer nie, wys dit vir die Here. Moenie net
julle klere skeur nie, skeur julle harte. Julle moet terugkom na julle God die Here toe,
want Hy is genadig en goed vir mense wat swaarkry. Hy is geduldig en vol liefde. Hy
vergewe mense se sonde maklik.

14Miskien sal Hy julle sonde vergewe en julle weer seën. Dan sal daar weer koring-
offers en drank-offers wees vir julle God die Here.

15Julle moet die ramshoring blaas op Sionsberg. Julle moet ’n dag aan die Here wy,
en almal moet op daardie dag vas. Julle moet al die mense roep om bymekaar te
kom.

16Julle moet die mense bymekaarmaak en die gemeente wy, julle moet al die mense
bymekaarmaak, die mense wat oud is, die kinders en ook die babatjies wat nog aan
hulle ma’s drink. Die bruidegom en die bruid moet ook uitkom uit hulle slaapkamer.

17Die priesters moet dan tussen die tempel en die altaar staan en hulle moet huil.
Die priesters, die mense wat vir die Here werk, moet dan bid en sê: “Here, U moet
asseblief jammer wees vir u volk, ons behoort aan U. Die ander volke spot en lag vir
ons. U moet hulle stop. Hulle sê: ‘Waar is daardie mense se God? Hoekom help Hy
hulle nie?’ ”

Ek sal julle help

18Die Here is baie lief vir sy land. Hy was jammer vir sy volk.

19Die Here het vir sy volk gesê: “Ek stuur vir julle al die koring en wyn en olyf-olie wat
julle nodig het. Ek sal julle help. Die ander volke sal julle nie weer spot nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Die sprinkane het julle aangeval soos julle vyande wat altyd van die noorde kom.
Maar Ek sal die sprinkane wegvat, ver weg van julle. Ek sal hulle wegjaag na ’n droë
land. Niks kan daar lewe nie. Die sprinkane wat voor is, sal in die Dooie See val, en
die sprinkane wat agter is, sal in die Middellandse See val. Hulle sal vrek en stink.”

Julle moet bly wees oor julle God

Die Here sal ’n wonderwerk doen.

21Die mense van die land moenie bang wees nie, hulle moet bly wees en juig, want
die Here sal ’n wonderwerk doen.

22Die diere moenie bang wees nie, want die veld waar die diere wei, sal groen word.
Die bome sal vrugte kry, daar sal baie vye en druiwe wees.

23En julle, mense van Jerusalem, julle moet juig, julle moet bly wees oor julle God die
Here, want Hy gee vir julle reën op die regte tyd, Hy gee reën vroeg in die jaar en ook
laat in die jaar, soos Hy voorheen gedoen het.

24Die dorsvloere sal vol koring wees, daar sal baie wyn en olyf-olie in die parskuipe
wees.

25Die Here sê: “Ek het vier maal sprinkane na julle toe gestuur, die sprinkane was my
soldate en hulle was baie. Maar nou sal dit weer goed gaan met julle.

26Julle sal baie kos hê, meer as wat julle kan eet. Julle sal die Naam van julle God die
Here prys. Ek sal vir julle wonderwerke doen, en die ander volke sal my volk nooit
weer spot nie.

27Julle sal weet dat Ek by die Israeliete is, Ek is julle God die Here, daar is nie ’n ander
God nie. Die ander volke sal nooit weer my volk spot nie.”

Ek sal my Gees vir die mense gee

28Die Here sê: “Wanneer dit alles gebeur het, dan sal Ek my Gees gee vir al die
mense. Julle seuns en julle dogters sal profete wees. Die ou mense en die jong
mense sal droom en sien wat later sal gebeur.

29Ek sal in daardie tyd my Gees ook vir slawe en slavinne gee.

30Ek sal vir die mense tekens wys. Daar sal bloed op die aarde wees, en vuur en rook
in die lug.

31Die son sal donker word, en die maan sal rooi word. Dan sal die dag van die Here
kom, die groot en verskriklike dag.

32Dan sal almal vry word wat die Here aanbid. Almal wat nog lewe, sal vry word in
Jerusalem, op Sionsberg.” So het die Here gesê vir die mense wat Hy geroep het.

Joël 3

Ek sal die volke straf

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Die Here sê: “In daardie tyd sal Ek dit weer goed laat gaan in Juda en in Jerusalem.

[2]Ek sal al die volke bymekaarmaak en Ek sal hulle vat na die Josafat-vallei. Daar sal Ek die volke straf oor wat hulle gedoen het aan my volk, die Israeliete wat aan My behoort. Die volke het my volk weggevat na ander lande en hulle het my land vir hulleself gevat.

[3]Hulle het my mense slawe laat word, hulle het lootjies getrek om te kyk wie kry ’n slaaf. Hulle het my seuns en my dogters verkoop om prostitute en wyn te kry.

[4]En julle, mense van Tirus en Sidon en die hele Filistyne-land, wat wil julle met My doen? Wil julle My straf omdat ander volke slegte dinge aan julle gedoen het? As julle My wil straf, dan sal Ek nie wag om julle te straf nie. Ek sal julle straf oor alles wat julle verkeerd gedoen het.

[5]Julle het my silwer en goud gevat, julle het die mooiste goed in my tempel na julle tempels toe gevat.

[6]Julle het die mense van Juda en Jerusalem verkoop aan die Grieke, ver weg van my mense se land.

[7]Nou sal Ek my mense laat terugkom van die plekke waarnatoe hulle gegaan het toe julle hulle verkoop het. Ek sal julle straf oor alles wat julle met my volk gedoen het.

[8]Ek sal julle seuns en dogters verkoop aan die mense van Juda, en hulle sal julle seuns en dogters verkoop aan die mense van Skeba, die volk wat ver van hier woon.” Die Here het dit gesê.

Ek is julle God die Here

[9]Julle moet vir die volke skree en sê: “Julle moet gereedmaak en julle moet gaan oorlog maak. Roep die soldate, al die soldate moet kom en hulle moet gaan oorlog maak.

[10]Julle moet swaarde en spiese maak van die skerp ysters waarmee julle ploeg en bome se takke afsny. ’n Man wat nie sterk is nie, moet ook sê: ‘Ek is ’n soldaat!’

[11]Die volke wat daar naby woon, moet gou maak en bymekaarkom, en die Here moet sy soldate bring.

[12]Die volke moet na die Josafat-vallei kom, want daar sal Ek die regter wees. Ek sal die volke straf wat naby woon.

[13]Dit is nou die tyd om hulle te straf. Die volke is soos koring wat ryp is. Bring die sekel en sny hulle af! Trap die druiwe, want die parskuip is vol, dit loop oor. Daar is baie slegte mense vir wie Ek sal straf!

[14]Daar sal baie mense wees, baie mense, op daardie plek waar die Here die mense sal oordeel. Die dag van die Here is naby, die dag wanneer Hy die mense sal oordeel.

© Bible Society of South Africa.

15Die son en die maan sal donker word, die sterre sal nie meer skyn nie.

16Die Here sal hard praat uit Jerusalem, so hard soos ’n leeu wat brul. Die hemel en die aarde sal bewe, maar die Here sal sy volk beskerm. Die Israeliete sal veilig wees by Hom.

17Dan sal julle weet dat Ek, die Here, op Sionsberg woon. Ek is julle God die Here, en Sion is my gewyde berg. Jerusalem sal ’n gewyde stad wees. Vyande sal nooit weer deur die stad gaan nie.”

Dit sal goed gaan

18“In daardie tyd sal dit goed gaan, daar sal baie wyn en melk wees, dit sal teen die berge en die heuwels afloop. Daar sal water wees in al die klein riviere in Juda, en daar sal water kom uit ’n fontein wat in die tempel van die Here is. Die water sal die Sittim-vallei natmaak.

19Niemand sal in Egipte kan woon nie. Edom sal ’n woestyn word, niks sal daar kan lewe nie, want die mense van Egipte en Edom het wrede dinge gedoen aan die mense van Juda, hulle het die mense van Juda vermoor.

20Maar in Juda en Jerusalem sal altyd mense woon.

21Ek sal die mense straf wat Ek nog nie gestraf het nie. Ek sal hulle straf, want hulle het mense vermoor, en Ek, die Here, sal in Jerusalem woon.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Amos

Amos 1

Wat Amos gesê het

1 Die woorde van Amos. Amos was ’n skaapboer. Hy het in die stad Tekoa gewoon. Die Here het vir hom gewys wat met die Israeliete sal gebeur. Dit was twee jaar voor die aardbewing. In daardie tyd was Ussia die koning van die land Juda, en Jerobeam was die koning van die land Israel. Jerobeam was die seun van Joas.

2 Amos het gesê: “Wanneer die Here uit Jerusalem praat, dan is dit soos ’n leeu wat brul. Dan word die veld droog waar die skape moet wei, die plante op Karmel-berg gaan dood.”

Die Here sal die Arameërs straf

3 Die Here sê: “Die mense van die stad Damaskus het ’n baie groot sonde gedoen, daarom sal Ek hulle straf. Hulle het wrede dinge gedoen aan die mense van die land Gilead.

4 Ek sal ’n vuur stuur na die huis wat koning Gasael gebou het, en die mooi huise wat koning Ben-Hadad gebou het, sal afbrand.

5 Ek sal die poort van Damaskus oopbreek. Ek sal al die mense wat in Bikat-Awen woon, doodmaak saam met die koning in die stad Bet-Eden. Die vyande sal die Arameërs vang en wegvat na die land Kir.” Dit is wat die Here gesê het.

Die Here sal die Filistyne straf

6 Die Here sê: “Die mense van die stad Gasa het ’n baie groot sonde gedoen, daarom sal Ek hulle straf. Hulle het in party stede al die mense gevang en verkoop, en die mense het die Edomiete se slawe geword.

7 Daarom sal Ek ’n vuur stuur na die stad Gasa. Sy mooi huise sal afbrand.

8 Ek sal al die mense van die stad Asdod doodmaak, en ook die koning in die stad Askelon. Ek sal die mense in die stad Ekron straf. Die Filistyne wat oorgebly het, sal sterf.” Dit is wat die Here gesê het.

Die Here sal die mense van Tirus straf

9 Die Here sê: “Die mense van die stad Tirus het ’n baie groot sonde gedoen, daarom sal Ek hulle straf. Hulle het in party stede al die mense wat gevangenes was, verkoop aan die Edomiete en die mense het die Edomiete se slawe geword. Die mense van Tirus het vergeet dat hulle ’n ooreenkoms met daardie mense gemaak het.

10 Daarom sal Ek ’n vuur stuur na die stad Tirus. Sy mooi huise sal afbrand.”

Die Here sal die Edomiete straf

11 Die Here sê: “Die mense van die land Edom het ’n baie groot sonde gedoen, daarom sal Ek hulle straf. Hulle het oorlog gemaak teen mense wat familie is van

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

hulle. Hulle was nie jammer vir hulle familie nie. Hulle het aangehou om mense dood te maak. Hulle het kwaad gebly.

12Daarom sal Ek ’n vuur stuur na die stad Teman, en die stad Bosra se mooi huise sal afbrand.”

Die Here sal die Ammoniete straf

13Die Here sê: “Die Ammoniete het ’n baie groot sonde gedoen, daarom sal Ek hulle straf. Hulle het oorlog gemaak om meer grond te kry in die land Gilead, en toe het hulle swanger vroue oopgesny.

14Daarom sal Ek die stad Rabba en sy mooi huise afbrand. Die vyande sal hard skree wanneer hulle die stad aanval, hulle sal soos ’n stormwind deur die stad gaan.

15Hulle sal die Ammoniete se koning en sy amptenare vang en wegvat na ’n ander land.” Dit is wat die Here gesê het.

Amos 2

Die Here sal die Moabiete straf

1Die Here sê: “Die mense van Moab het ’n baie groot sonde gedoen, daarom sal Ek hulle straf. Hulle koning het die koning van Edom se bene verbrand om kalk te maak.

2Daarom sal Ek ’n vuur stuur na die land Moab. Die mooi huise van die stad Kerijot sal afbrand. Hulle vyande sal hard skree, hulle sal brul soos leeus en hulle sal die ramshoring blaas. Hulle sal oorlog maak teen Moab, en die Moabiete sal sterf.

3Ek sal die koning van Moab en al sy amptenare saam met hom doodmaak.” Dit is wat die Here gesê het.

Die Here sal die mense van Juda straf

4Die Here sê: “Die mense van die land Juda het ’n baie groot sonde gedoen, daarom sal Ek hulle straf. Die wet van die Here was nie vir hulle belangrik nie. Hulle het nie gedoen wat die Here gesê het nie. Hulle voorvaders het vals gode aanbid, en daarom het die mense van Juda verkeerd gedoen.

5Daarom sal Ek ’n vuur stuur na die land Juda, en die mooi huise van die stad Jerusalem sal afbrand.”

Die Here sal die mense van Israel straf

6Die Here sê: “Die mense van Israel het ’n baie groot sonde gedoen, daarom sal Ek hulle straf. Hulle het onskuldige mense verkoop om geld te kry, en die mense het slawe geword. Hulle het arm mense verkoop omdat die arm mense geld geskuld het vir ’n paar sandale.

7Hulle trap die arm mense se koppe in die grond in. Hulle doen nie reg aan die mense wat niks het nie. ’n Jongman en sy pa slaap by dieselfde slawe-meisie, en so ontwy hulle my heilige Naam.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8Hulle vat die klere van mense wat vir hulle geld skuld en gaan lê op daardie klere by die altare. Hulle laat mense boete betaal met wyn, en dan drink hulle die wyn in die huis van hulle God.

9“Die Amoriete was lang mense. Hulle was so hoog soos sederbome en so sterk soos eikebome. Maar Ek het al die Amoriete doodgemaak, die ouers en die kinders. Ek het dit gedoen om vir die mense van Israel ’n plek te gee waar hulle kan woon.

10Ja, Ek het julle uit Egipte gebring en 40 jaar lank saam met julle deur die woestyn gegaan sodat julle die Amoriete se land kon vat.

11Ek het party van julle seuns gekies om profete te wees, en Ek het party van julle jongmanne gekies om nasireërs te wees. “Is dit waar of is dit nie waar nie, mense van Israel?

12“Maar julle het die nasireërs wyn laat drink, en julle het vir die profete gesê hulle mag nie profete wees nie.

13Daarom sal Ek julle straf, julle sal inmekaar val soos ’n wa inmekaar val wanneer mense te veel koring-gerwe daarop laai.

14Mense wat vinnig kan hardloop, sal nie kan weghardloop nie. Sterk mense sal nie sterk genoeg wees nie. Soldate sal hulleself nie kan red nie.

15Mense wat met pyl en boog skiet, sal weghardloop. Ook mense wat vinnig kan hardloop, sal nie kan vlug nie. Mense wat op perde ry, sal hulleself nie kan red nie.

16Almal sal daardie dag kaal wegvlug, ook die dapperste soldate.” Dit is wat die Here gesê het.

Amos 3

1Mense van Israel, die Here het julle almal uit Egipte gebring. Luister wat sê Hy vir julle:

2“Daar is baie volke op die aarde, maar dit is vir julle wat Ek gekies het. Daarom sal Ek julle straf oor alles wat julle verkeerd doen.”

Wanneer die Here gepraat het, dan moet sy profeet ook praat

3Twee mense besluit eers dat hulle saam wil loop, en dan doen hulle dit.

4’n Leeu in die bos vang eers iets, en dan brul hy.

5Iemand sit eers ’n vangstrik op die grond, en dan vang hy ’n voël daarin. ’n Vangstrik vang eers iets, en dan klap dit toe.

6Wanneer iemand die ramshoring in die stad blaas om te sê die vyand kom, dan skrik die mense. Wanneer die Here sê dit moet sleg gaan in ’n stad, dan gebeur dit.

© Bible Society of South Africa.

7Ja, die Here sê eers vir sy dienaars, die profete, wat Hy wil doen, en dan doen Hy dit.

8Wanneer die leeu gebrul het, dan is die mense bang. Wanneer die Here gepraat het, dan moet sy profeet praat.

Die Here sal die mense van Israel in Samaria straf

9Die Here sê: “Julle moet gaan praat met die mense in die mooi huise van die stad Asdod en die land Egipte. Julle moet vir hulle sê: ‘Kom bymekaar op die berge rondom die stad Samaria. Kom kyk hoe swaar kry die mense in die stad.’ ”

10Die Here sê: “Die mense se mooi huise is vol goed wat hulle van ander mense gesteel het. Hulle weet nie hoe om reg te doen nie.

11Daarom, daar is vyande rondom die land! Hulle sal julle sterk mure afbreek en hulle sal alles in julle mooi huise vir hulleself vat.”

12Die Here sê: “Wanneer ’n leeu ’n skaap vang, dan kan die skaapwagter miskien net twee pootjies of ’n stukkie van die skaap se oor gryp uit die leeu se bek. So sal daar ook baie min oorbly van die mense van Israel wat nou so rustig in Samaria op hulle beddens en rusbanke lê.”

13Die Here wat oor alles regeer, sê: “Julle moet luister en julle moet die mense van Israel waarsku.

14Wanneer Ek die mense van Israel straf oor hulle sondes, dan sal Ek die altare in die stad Bet-El afbreek. Ek sal die altaar se horings afkap en op die grond gooi.

15Ek sal die huise plat slaan, die huise waarin hulle in die somer woon, en die huise waarin hulle in die winter woon. Daar sal niks oorbly van die huise wat hulle met ivoor mooi gemaak het nie. Daar sal niks oorbly van die baie huise nie,” sê die Here.

Amos 4

Die Here sal die vroue van Samaria straf

1Luister wat sê die Here vir julle, vroue op Samaria-berg. Julle is so vet soos die koeie wat in die land Basan wei. Julle verdruk die mense wat swak en arm is, julle laat hulle swaarkry. Julle sê vir julle mans: “Bring wyn sodat ons kan drink!”

2Die Here het belowe en Hy, die heilige God, is self die getuie. Hy het gesê: “Daar sal ’n tyd kom wanneer die vyande julle sal optel met skerp ysters en met vishoeke.

3Julle sal almal reguit uit die stad moet gaan, reguit oor die afgebreekte muur. Die vyande sal julle wegjaag na Hermon-berg.” Dit sê die Here.

Israel het nie na die Here teruggekom nie

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4“Mense van Israel, julle moet na die stad Bet-El kom as julle sonde wil doen, julle moet na die stad Gilgal kom as julle nog meer sonde wil doen! Bring elke oggend julle offers, bring julle tiendes elke derde dag.

5Brand dank-offers, brand brood met suurdeeg in. Vertel vir almal van julle vrywillige offers. Julle Israeliete hou daarvan om te spog.” Dit sê die Here.

6“Ek het julle honger laat bly oral waar julle woon. Maar julle het nie teruggekom na My toe nie.” Dit sê die Here.

7“Ek het die reën weggehou toe die koring nog nie ryp was nie. Ek het dit op een stad laat reën, en op ’n ander stad het Ek dit nie laat reën nie. Dit het gereën op een stuk land, en ’n ander stuk land het nie reën gekry nie, dit het droog geword.

8Die mense van twee of drie stede het na ’n ander stad gekruip om water te soek, maar hulle het nie genoeg water gekry nie. Maar julle het nie teruggekom na My toe nie.” Dit sê die Here.

9“Ek het julle koring-are laat verdroog, en die plantluise het dit opgevreet. Die sprinkane het baie maal al die blare in julle tuine en wingerde opgevreet, ook al die blare van julle vyebome en olyfbome. Maar julle het nie teruggekom na My toe nie,” sê die Here.

10“Ek het julle siek gemaak, en julle het doodgegaan soos die Egiptenaars. Ek het julle jongmanne in die oorlog laat sterf, en die vyande het julle perde gevat. Julle het geruik dat die dooie liggame stink in julle kamp. Maar julle het nie teruggekom na My toe nie,” sê die Here.

11“Ek het julle doodgemaak soos Ek die mense van Sodom en Gomorra doodgemaak het. Julle was soos ’n stuk vuurmaak-hout wat Ek uit die vuur gehaal het. Maar julle het nie teruggekom na My toe nie,” sê die Here.

12“Daarom, mense van Israel, sal Ek nou weer so met julle maak. En omdat Ek dit met julle sal doen, maak nou gereed om julle God te ontmoet.”

13Dit is Hy wat die berge en die wind gemaak het, Hy wat vir mense sê wat Hy wil doen, Hy wat dit donker maak wanneer dit al lig moet word, Hy wat oor die hoogste berg van die aarde loop. Sy Naam is die Here, God wat oor alles regeer.

Amos 5

Die mense van Israel moet doen wat goed is, nie wat sleg is nie

1Mense van Israel, luister na wat ek sê. Ek huil en treur oor julle soos ’n mens treur oor iemand wat dood is:

2Die mense van Israel het geval, hulle sal nie weer opstaan nie. Hulle het op hulle eie grond geval, en niemand help hulle om op te staan nie.

© Bible Society of South Africa.

3Ja, die Here sê: “Wanneer 1 000 mense van Israel uit ’n stad gaan om oorlog te gaan maak, dan sal 900 sterf. Wanneer 100 manne gaan, dan sal 90 sterf.”

4Ja, die Here sê vir die mense van Israel: “Julle moet vra wat Ek wil hê julle moet doen, dan sal julle lewe!

5Julle moenie in die stad Bet-El gaan vra nie, en julle moet ook nie na die stad Gilgal gaan nie. Julle moenie verder gaan na die stad Berseba nie. Die vyande sal die mense van Gilgal vang en na ’n ander land vat en hulle sal Bet-El verwoes.”

6Vra wat die Here wil hê, dan sal julle lewe! As julle dit nie doen nie, dan sal Hy ’n vuur na julle toe stuur om die Israeliete te brand. Daar sal niemand in Bet-El wees wat die vuur kan doodmaak nie.

7Julle doen nie reg aan mense nie, julle laat hulle baie swaar kry.

8Dit is die Here wat die sterre gemaak het, Orion en die Sewe-ster. Hy laat dit lig word ná die nag, Hy laat dit donker word ná die dag. Dit is Hy wat die wolke uit die see bring en wat dit laat reën op die land. Sy Naam is die Here.

9Die Here maak sterk mense vinnig dood. Hy laat sterk mure omval.

10Julle haat ’n man wat in die poort praat teen iemand wat verkeerd gedoen het, julle hou nie van ’n man wat die waarheid praat nie.

11Julle trap op die arm mens, julle vat sy koring. Daarom sal julle nie woon in die huise wat julle gebou het met die klippe wat julle so mooi gekap het nie. Julle sal nie die wyn drink van die mooi wingerde wat julle geplant het nie.

12Ek weet hoe baie en hoe groot julle sonde is. Julle is vyande van iemand wat reg doen. Julle vat die geld wanneer mense julle wil betaal om verkeerd te doen. In die poort is julle onregverdig met die arm mense.

13Dit is hoekom verstandige mense stilbly in hierdie tyd. Dit is ’n slegte tyd.

14Julle sê die Here is by julle. Maar julle moet probeer om goed te doen, moenie doen wat sleg is nie. Dan sal julle lewe, en dan sal die Here, die God wat oor alles regeer, by julle wees.

15Julle moet haat wat sleg is en julle moet lief wees vir wat goed is, julle moet in die hof reg doen aan mense. Miskien sal die Here, die God wat oor alles regeer, dan jammer wees vir julle, julle Israeliete wat nog lewe.

16Ja, die Here sê, die God wat oor alles regeer, die Here, sê: “Die mense sal huil en treur op al die oop plekke in die stad, hulle sal in al die strate sug. Hulle betaal mense om te treur, en hulle sal die boere roep om saam te kom treur oor almal wat dood is.

17Hulle sal in al die wingerde treur, want Ek gaan tussen julle deur om julle te straf.” Dit sê die Here.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Die dag van die Here

18"Dit sal baie sleg gaan met mense wat wens die dag van die Here moet gou kom.
Hoekom wens julle die dag van die Here moet gou kom? Daardie dag sal dit donker
wees, daar sal nie lig wees nie.

19Dit sal wees soos wanneer iemand vir 'n leeu vlug en dan teen 'n beer vasloop, of
wanneer iemand in sy huis kom en met sy hand teen die muur druk, en dan is daar 'n
slang wat hom byt.

20Dit sal donker wees op die dag van die Here, dit sal nie lig wees nie. Daardie dag sal
swart wees, daar sal niks lig wees nie."

Die Here hou nie van die godsdiens van die mense van Israel nie

21"Ek haat julle feeste, Ek wil nie die feeste hê nie. Ek hou nie van julle gewyde
feesdae nie.

22Julle bring vir My brand-offers en koring-offers, maar Ek wil dit nie hê nie en Ek
wil glad nie kyk na die vet diere wat julle bring vir ete-offers nie.

23Wanneer julle sing, dan is dit nie vir My mooi nie, julle raas net. Hou op sing! Ek wil
nie luister wanneer julle musiek maak met 'n harp nie.

24Ek wil hê julle moet reg doen aan mense. Julle moet aanhou om dit te doen,
aanhou soos 'n rivier wat altyd vol is.

25Mense van Israel, toe julle 40 jaar lank in die woestyn was, het julle nie diere of
koring vir My ge-offer nie.

26Nou sal julle die gode wat julle gemaak het, saam met julle moet dra. Dit is
julle ster-gode, julle koning Sikkut, julle afgod Kijun.

27Die vyande sal julle vang en hulle sal julle wegvat tot ver anderkant die stad
Damaskus," sê die Here. Sy Naam is die Here, God wat oor alles regeer.

Amos 6

Dit sal sleg gaan met die leiers van die Israeliete

1Dit sal sleg gaan met die belangrike mense van die belangrikste volk, die Israeliete.
Hulle het gevra hulle leiers moet hulle help, die leiers wat so lekker woon in
Jerusalem, en die mense wat dink hulle is veilig op Samaria-berg.

2Gaan kyk wat het gebeur met die stad Kalne en met die groot stad Hamat en met
Gat, die stad van die Filistyne. Hulle was nie sterker as julle nie, Israel en Juda. Hulle
land is kleiner as julle land.

3Julle dink daar is nog baie tyd, julle dink julle sal nie nou swaarkry nie. Julle hou aan
om julle mense te laat swaarkry.

© Bible Society of South Africa.

4Julle lê op beddens wat julle mooi gemaak het met ivoor, julle sit lekker op julle rusbanke. Julle eet lammers en vet kalwers.

5Julle maak musiek op ’n harp, julle maak nuwe musiek om te speel, soos Dawid.

6Julle drink wyn uit die bakke waarin julle offers bring en julle smeer die beste olyf-olie aan julle. Maar julle is nie bekommerd dat dit slegter en slegter gaan met die Israeliete nie.

7Daarom sal julle vyande julle vang. Hulle sal die leiers eerste vang en wegvat na ’n ander land. Die tyd is verby, julle sal nie meer lê en feesvier nie.

8Die Here, die God wat oor alles regeer, het belowe, en Hy is self die getuie. Hy het gesê: “Die Israeliete is baie hoogmoedig. Ek hou niks daarvan nie, Ek haat hulle mooi huise. Ek sal die stad en alles wat daarin is vir hulle vyande gee.

9As daar in een huis tien mans oorgebly het, dan sal hulle ook almal sterf.

10Iemand van daardie familie sal kom en hy sal die dooie mense uit die huis begin dra om hulle te begrawe. As daar agter in die huis nog iemand is wat lewe, dan sal die man van die familie vir hom vra: ‘Is daar nog iemand by jou?’ en hy sal sê: ‘Nee, niemand nie.’ Dan sal die man van die familie antwoord: ‘Ons moenie praat nie, ons moenie die Here se Naam noem nie.’ ”

11Wanneer die Here sê hulle moet dit doen, dan sal die vyande al die huise afbreek, die groot huise en die klein huise.

12’n Mens jaag nie met perde oor rotse nie en jy ploeg nie met beeste op rotse nie. Maar julle laat onskuldige mense swaarkry. Julle laat dit sleg gaan met goeie mense.

13Julle spog dat julle die twee stede Lo-Dabar en Karnajim oorwin het. Julle sê julle het dit gedoen omdat julle self so sterk is.

14Maar die Here, die God wat oor alles regeer, sê: “Israeliete, Ek sal ’n volk bring om oorlog te maak teen julle, en daardie volk sal julle laat swaarkry oral in die land, van Lebo-Hamat tot by die klein riviertjie in die woestyn.”

Amos 7

Die Here wys vir Amos sprinkane

1-2Die Here het vir my gewys wat Hy wil doen. Hy het baie sprinkane gemaak. Dit was nadat die mense die gras afgesny het vir die koning se perde. Die gras het weer begin groei en dit het groen geword. Die sprinkane het al die groen plante in die land begin opvreet. Ek sê toe: “Here, vergewe hulle asseblief! Die Israeliete is min, hulle sal nie kan aanhou lewe nie.”

3Die Here het toe besluit om nie die sprinkane te maak nie. Hy het gesê: “Dit sal nie gebeur nie.”

© Bible Society of South Africa.

Die Here wys vir Amos vuur

4Die Here het vir my gewys wat Hy wil doen. Hy het ’n vuur laat brand om die
Israeliete te straf. Die vuur het die see droog gebrand en dit het begin om die land
ook te verbrand.

5Toe sê ek: “Here, stop die vuur asseblief! Die Israeliete is min, hulle sal nie kan
aanhou lewe nie.”

6Die Here het toe besluit om nie die vuur te laat brand nie. Hy het gesê: “Dit sal nie
gebeur nie.”

Die Here sal nie weer die Israeliete se sonde vergewe nie

7Die Here het vir my gewys wat Hy wil doen. Hy het by ’n regop muur gestaan en
daar was ’n skietlood in sy hand.

8Hy het vir my gevra: “Amos, wat sien jy?” Ek het gesê: “Ek sien ’n skietlood.” Toe het
die Here gesê: “Ek sal nou met my volk, die Israeliete, doen soos ’n mens doen met
’n muur wat nie regop is nie. Ek sal nie weer hulle sonde vergewe nie.

9Ek sal die offer-plekke afbreek wat die Israeliete gebou het, Ek sal hulle tempels
afbreek. Ek sal koning Jerobeam se nageslag in ’n oorlog laat sterf.”

Die priester Amasia wil vir Amos keer

10Amasia was die priester van Bet-El. Hy het vir koning Jerobeam van Israel ’n
boodskap gestuur en gesê: “Amos maak slegte planne teen jou. Wat hy sê, is
gevaarlik vir die land.

11Amos sê vir die Israeliete: ‘Koning Jerobeam sal in ’n oorlog sterf, en die vyande sal
die Israeliete vang en wegvat na ’n ander land.’ ”

12Vir Amos het die priester Amasia gesê: “Gaan weg, profeet! Gaan terug na die
land Juda. Gaan wees daar ’n profeet en gaan verdien jou geld daar.

13Hier in die stad Bet-El mag jy nie meer ’n profeet wees nie, want hierdie tempel is
die koning en die land Israel se tempel.”

14Amos het vir Amasia gesê: “Ek is nie ’n gewone profeet nie. Ek is nie saam met die
ander profete nie. Ek is ’n boer. Ek boer met beeste en met bokke en skape, en ek
plant wildevyebome.

15Maar die Here het my weggeneem van die skape en bokke, en Hy het vir my gesê:
‘Jy moet my profeet wees. Gaan sê vir my volk, die Israeliete, Ek sal hulle straf.’

16“Nou moet jy luister na wat die Here sê. Jy sê ek moenie ’n profeet wees en teen
die Israeliete praat nie.

17Maar die Here sê: ‘Jou vrou sal ’n prostituut word in die stad, en jou kinders sal in
’n oorlog sterf. Die vyande sal jou grond vat en verdeel, en jy sal sterf in ’n onrein
land. Die vyande sal die Israeliete vang en wegvat na ’n ander land.’ ”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Amos 8

Die Israeliete sal val en hulle sal nie weer opstaan nie

1Die Here het vir my gewys wat Hy wil doen. Daar was ’n mandjie vrugte,

2en die Here het vir my gevra: “Amos, wat sien jy?” Toe sê ek: “Ek sien ’n mandjie vrugte. Hulle is ryp en dit is tyd om hulle te eet.” Die Here het toe vir my gesê: “Dit is nou die tyd. Ek sal my volk, die Israeliete, se sonde nie weer vergewe nie.

3Wanneer Ek kom om hulle te straf, dan sal die mense in die koning se paleis nie meer sing nie, hulle sal huil. Daar sal baie lyke wees. Die vyande sal nie praat nie, hulle sal die lyke oral op die grond gooi.

4“Luister na wat Ek sê. Julle doen slegte dinge aan die arm mense, julle wil die mense wat niks het nie, doodmaak.

5Julle sê: ‘Wanneer is die Nuwemaan-fees verby? Dan kan ons weer koring verkoop. Wanneer is die Sabbatdag verby? Dan kan ons weer ons koringwinkels oopmaak en skelm wees. Wanneer ons die koring weeg, dan sal ons die mense te veel laat betaal.’

6Julle verkoop ook die koring se kaf en julle verkoop arm mense omdat hulle geld skuld vir ’n paar sandale. Dan word die mense slawe.”

7Die Here het belowe, en Hy is self die getuie. Hy is God. Die Israeliete moet Hom eer. Hy het gesê: “Ek sal altyd onthou wat julle gedoen het.

8Die mense van die land sal bang word hieroor en bewe. Almal wat hier woon, sal huil en treur. Al die mense in die land sal skrik en wegvlug soos die water in die Nyl-rivier wat vol word en wegloop.”

9Die Here sê: “Op daardie dag sal Ek die son in die middel van die dag laat ondergaan. Ek sal dit donker maak op die aarde wanneer dit nog dag is.

10Ek sal alles verander. Julle sal nie feesvier nie, julle sal treur. Julle sal nie sing nie, julle sal huil oor almal wat dood is. Julle sal rouklere aantrek en julle koppe kaal skeer. Julle sal rou soos iemand wat rou oor sy enigste kind wat dood is. Dit sal vir julle ’n baie slegte dag word.”

11Die Here het gesê: “Daar sal ’n tyd kom wanneer Ek almal in die land honger sal maak. Maar hulle sal nie honger wees vir kos of dors wees vir water nie. Hulle sal honger wees vir die woorde van die Here.

12Hulle sal soek van die een see tot by die ander see. Hulle sal oral soek, van die noorde tot by die ooste, om te hoor wat die Here sê, maar hulle sal niks hoor nie.

13Mooi meisies en jongmans sal daardie dag baie dors word en flou val.

© Bible Society of South Africa.

14Wanneer hulle iets belowe het, dan het hulle altyd gesê: ‘Die afgod van Samaria is die getuie,’ of hulle het vir die stad Dan gesê: ‘So seker soos jou god lewe!’ of: ‘So seker soos daar ’n pad is na die stad Berseba!’ Maar hulle sal val, hulle sal nie weer opstaan nie.”

Amos 9

Die Here sal die Israeliete doodmaak

1Ek het gesien die Here staan by die altaar. Hy het gesê: “Slaan stukkend die kapitele van die pilare van die tempel, sodat die deure se rame bewe en die stukke van die pilare op al die mense se koppe val. Ek sal self die mense wat oorbly, doodmaak met my swaard. Niemand sal kan vlug nie, nie een sal wegkom nie.

2Wanneer hulle ’n gat grawe om in die doderyk te probeer kom, dan sal Ek hulle daar uithaal. Wanneer hulle probeer opklim na die hemel, dan sal Ek hulle daar afhaal.

3Wanneer hulle bo-op die Karmel-berg gaan wegkruip, dan sal Ek hulle daar soek en hulle wegvat. Wanneer hulle vir My wil wegkruip onder in die see, dan sal Ek vir die slang daar sê om hulle te pik.

4Wanneer hulle vyande hulle vang en hulle wegvat na ’n ander land, dan sal Ek hulle daar laat doodmaak in ’n oorlog. Ek sal na hulle kyk, nie om hulle te help nie, maar sodat dit sleg met hulle sal gaan.”

5Die Here regeer oor alles. Wanneer Hy aan die aarde raak, dan smelt dit, en almal wat op die aarde woon, huil en treur. Al die mense in die land sal skrik en wegvlug soos die water in die Nyl-rivier wat vol word en wegloop.

6Die Here het vir Hom ’n huis gebou hoog in die hemel. Hy het die ronde dak oor die aarde gesit. Hy bring die wolke uit die see en Hy laat dit reën op die land. Sy Naam is die Here.

Die Israeliete is dieselfde as ander volke

7Die Here het gesê: “Israeliete, julle is vir My soos die mense van die land Kus. Julle is nie anders nie. Dit is waar, Ek het die Israeliete uit Egipte gebring, maar Ek het ook die Filistyne uit die eiland Kaftor gebring en Ek het die Arameërs uit die land Kir gebring.

8En nou sien Ek die Israeliete is ’n volk wat baie sonde doen. Ek sal hulle wegvee van die aarde af! Maar Ek sal hulle nie almal doodmaak nie.

9Ek sal vir die volke sê wat hulle moet doen. Ek sal die Israeliete tussen die volke skud soos ’n mens koring in ’n sif skud. Die koringkorrels sal nie deur die sif op die grond val nie. So sal Ek die Israeliete skud in die sif.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Al die sondaars van my volk sal in die oorlog sterf. Hulle sê nou: ‘U sal ons nie straf
en dit sleg laat gaan met ons nie.’ Maar hulle sal sterf.”

Die Here sal die nageslag van Dawid weer laat regeer

11Die Here het gesê: “Daar sal ’n tyd kom wanneer Ek die nageslag van koning Dawid
weer sal laat regeer. Hulle is soos ’n huis wat omgeval het, ’n muur wat afgebreek is.
Maar Ek sal die huis weer bou, en hy sal weer wees soos hy altyd was.

12My volk sal die Edomiete oorwin wat nog oorgebly het, en ook die ander volke wat
aan My behoort.” Dit sê die Here. Die Here sal dit doen.

Die Here sal sy volk help sodat dit weer goed sal gaan met hulle

13Die Here het gesê: “Daar sal ’n tyd kom wanneer die Israeliete hulle koring moet
afsny dadelik nadat hulle geploeg het. Hulle sal wyn moet maak dadelik nadat hulle
die wingerde geplant het. Die wyn sal so baie wees dat dit teen die berge en die
heuwels sal afloop.

14Ek sal dit weer goed laat gaan met my volk, die Israeliete. Ek sal die stede wat die
vyande afgebreek het, weer bou sodat die Israeliete daar kan woon. Hulle sal
wingerde plant en die wyn drink. Hulle sal tuine maak en die vrugte eet.

15Ek sal hulle help, en hulle sal in hulle eie land woon. Niemand sal hulle wegvat uit
die land wat Ek vir hulle gegee het nie.” Dit sê jou God die Here.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Obadja

Obadja 1

1 Die Here het vir Obadja gewys wat sal gebeur. Die Here het gepraat oor die mense
van die land Edom, en dit is wat ons gehoor het.

Ek sal julle ’n klein volkie maak

Dit was toe die volke vir mekaar boodskappe gestuur het en gesê het: “Julle moet
gereedmaak, ons moet oorlog gaan maak teen die Edomiete!”

2 Die Here het vir die Edomiete gesê: “Ek sal julle ’n klein volkie maak, almal sal dink
julle beteken niks.

3 Julle het gedink julle is veilig, maar julle het ’n fout gemaak. Julle woon hoog in die
berge tussen die rotse en julle dink niemand kan julle afbring ondertoe nie.

4 Maar Ek sal julle afbring, ook wanneer julle soos ’n aasvoël teen die hoogste berge
gaan woon, of wanneer julle vir julle ’n stad tussen die sterre bou.

5 Wanneer diewe in die nag julle goed kom steel, dan steel hulle totdat hulle genoeg
het en dan hou hulle op. Wanneer ander mense julle druiwe kom pluk, dan laat hulle
party druiwetrosse oorbly. Maar die vyande sal niks van julle laat oorbly nie.

6 Nageslag van Esau, die vyande sal alles soek wat julle weggesteek het, en hulle sal
dit kry.

7 Hulle sal julle wegjaag uit julle land. Julle eie vriende het ’n ooreenkoms gemaak
met julle, maar hulle sal vir julle wag langs die pad en hulle sal julle aanval. Julle het
vir hulle kos gegee, maar hulle sal julle aanval op ’n plek waar julle dit nie verwag
nie.”

8 Die Here het ook gesê: “Die mense in die land Edom, in die Esau-berge, dink hulle is
baie slim, maar daardie dag sal Ek hulle doodmaak.

9 Mense van die stad Teman, julle soldate sal te bang wees om te veg. Die vyande sal
almal op die Esau-berge doodmaak. Julle het mense vermoor,

10 julle was wreed met die nageslag van Jakob, julle voorvader se broer. Daarom sal
dit met julle ook sleg gaan. Julle vyande sal julle doodmaak.”

Julle Edomiete sal voel hoe dit is wat julle gedoen het

11 “Mense uit ’n ander land het oorlog kom maak teen Jerusalem. Hulle het al die
stad se soldate weggevat en hulle het lootjies getrek oor die mense en die goed in
die stad. Hulle wou kyk wat elkeen moet kry. Toe het julle gestaan en kyk. Julle was
saam met die vyande.

12 Die mense van Jerusalem was familie van julle. Julle het verkeerd gedoen toe julle
gestaan en kyk het hoe sleg dit met hulle gaan. Julle was bly toe die vyande die

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

mense van Juda doodgemaak het. Julle het gestaan en lag toe hulle so swaar gekry het.

13Julle het in my volk se stad ingegaan toe die vyande hulle oorwin het. Julle het gestaan en kyk toe die vyande hulle oorwin het en julle het hulle goed vir julleself gevat.

14Julle het langs die pad gestaan en wag om die mense van Juda dood te maak toe hulle gevlug het. Julle het die mense wat nog gelewe het, vir die vyande gegee, daardie dag toe dit so sleg met hulle gegaan het. Julle het verkeerd gedoen, julle moes nie dit alles gedoen het nie.

15Die dag wanneer die Here al die ander volke sal straf, is nou naby. Dan sal ander mense met julle doen wat julle met die mense van Juda gedoen het. Julle Edomiete sal voel hoe dit is wat julle gedoen het."

Die nageslag van Jakob sal hulle eie land terugvat

16"Die mense van Juda moes die beker van swaarkry drink op my gewyde berg. So sal die ander volke dit ook moet aanhou drink. Hulle sal drink en drink en hulle sal verdwyn.

17Maar op Sionsberg sal dit weer goed gaan. Dit sal weer 'n gewyde plek wees. Die nageslag van Jakob sal hulle eie land terugvat, die land wat aan hulle behoort het.

18Die nageslag van Jakob sal wees soos 'n vuur, die nageslag van Josef sal wees soos vuurvlamme, en julle, die nageslag van Esau, sal wees soos kaf wat brand. Daar sal niks oorbly nie.

19Die mense van Juda sal die Suid-land, die Esau-berge, vir hulleself vat, en die Laeveld waar die Filistyne woon, en ook die land waar die Efraimiete gewoon het en waar die stad Samaria was. Die mense van die land Benjamin sal die land Gilead vir hulleself vat.

20Die vyande het party van die Israeliete gevang en na ander lande gevat. Israeliete sal nou die land vat waar die Kanaäniete woon, tot by die stad Sarfat. Die vyande het party mense van Jerusalem gevang en na die stad Sefarad gevat. Daardie mense sal nou die stede in die Suid-land vir hulleself vat.

21Die mense wat vir Sionsberg vrygemaak het, sal gaan om oor die Esau-berge te regeer, en die Here self sal die Koning wees."

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Jona

Jona 1

Die Here stuur vir Jona na Nineve

1 Die Here het met Jona gepraat. Jona was die seun van Amittai. Die Here het gesê:

2 “Jy moet gereedmaak, jy moet na die groot stad Nineve gaan. Jy moet met daardie
mense gaan praat en vir hulle sê Ek sal hulle straf, want Ek het gesien hulle doen baie
sonde.”

Jona vlug

3 Jona het gereedgemaak, maar hy wou na die land Tarsis gaan. Hy wou wegvlug van
die Here. Hy het eers na die stad Joppe gegaan. Daar was ’n skip wat na Tarsis sou
gaan. Hy het betaal om saam te ry en hy het op die skip geklim. Hy wou saam met
die ander mense na Tarsis gaan. Hy wou wegvlug van die Here.

Die matrose gooi vir Jona in die see

4 Die Here het ’n baie sterk wind oor die see gestuur. Daar het ’n groot storm op die
see gekom, en die skip het amper gebreek.

5 Die matrose op die skip het bang geword. Elkeen het tot sy god gebid en gevra sy
god moet hom help. Die matrose het die goed wat op die skip was, afgegooi in die
see om die skip ligter te maak. Maar Jona was onder in die skip. Hy het daar gaan lê
en hy het aan die slaap geraak.

6 Die kaptein van die skip het na hom toe gekom en vir hom gesê: “Hoekom slaap jy?
Staan op, bid tot jou God. Miskien sal Hy aan ons dink, en dan sal ons nie sterf nie.”

7 Die matrose het vir mekaar gesê: “Kom ons trek lootjies sodat ons kan uitvind wie
se skuld is dit dat hierdie storm oor ons gekom het.” Hulle trek toe lootjies, en die
lootjies wys dit is Jona se skuld.

8 Die matrose het vir Jona gevra: “Is dit jou skuld dat hierdie storm oor ons gekom
het? Watter soort werk doen jy? Van waar kom jy? Uit watter land, uit watter volk
kom jy?”

9 Jona het vir hulle gesê: “Ek is ’n Hebreër en ek dien die Here, die God van die
hemel. Hy het die see en die land gemaak.”

10 Die matrose het baie bang geword en hulle het gebewe. Hulle het vir Jona gesê:
“Hoekom het jy dit gedoen?” Hulle het geweet hy vlug weg van die Here, want hy
het dit voorheen vir hulle vertel.

11 Die branders in die see het groter geword, en die matrose het vir Jona gevra: “Wat
moet ons doen met jou sodat die storm op die see stil kan word?”

© Bible Society of South Africa.

12Jona het vir hulle gesê: “Tel my op en gooi my in die see, dan sal die see stil word rondom julle. Ek weet dit is my skuld dat hierdie groot storm oor julle gekom het.”

13Die matrose het hard geroei en hulle het eers probeer om terug te kom by die land, maar hulle kon nie, want die branders van die see het groter en groter geword rondom hulle.

14Hulle het tot die Here gebid en gesê: “Ag, Here, U moet ons asseblief nie laat sterf omdat hierdie een man verkeerd gedoen het nie. Help ons ook dat ons nie iemand doodmaak wat onskuldig is nie. U is die Here, U kan doen wat U wil doen.”

15Hulle het Jona opgetel en hulle het hom in die see gegooi. Toe het die see kalm geword en die branders was nie meer groot nie.

16Die matrose het baie bang geword vir die Here. Hulle het vir die Here ’n offer gebring en hulle het belowe om nog meer offers vir die Here te gee.

17Die Here het ’n groot vis gestuur om vir Jona in te sluk. Jona was drie dae en drie nagte binne-in die vis.

Jona 2

Jona bid

1Jona was binne-in die vis en toe het hy tot sy God die Here gebid.

2Hy het gesê: “Here, dit het sleg gegaan met my, en toe het ek tot U gebid. U het my gehoor en U het my gehelp. Ek was amper dood en ek het geroep en gevra dat U my moet help. U het my gehoor.

3U het my in die diep water gegooi, in die diepste plek van die see. Daar was water bo-oor my. U het groot branders gestuur, en die water het oor my gespoel.

4Ek het gedink U het my weggegooi, U wil my nie meer sien nie. Maar ek sal weer u gewyde tempel sien.

5Die water het my toegemaak, die see was oral rondom my, daar was seegras om my kop.

6Ek het afgesak tot by die voet van die berge, diep onder in die see. Die aarde het my daar toegesluit, hy wou my altyd daar hou. Maar U, my God die Here, het my gered uit die dood.

7“Ek was swak en amper dood, maar toe het ek aan U gedink, Here. Ek het tot U gebid in u gewyde tempel.

8 Afgode beteken niks, en die mense wat hulle aanbid, is die mense wat nie meer aan U dink nie, U wat vir hulle goed is.

9Maar ek, ek wil my danklied vir U offer. Ek wil doen wat ek belowe het. Die Here het my gered.”

© Bible Society of South Africa.

10Die Here het met die vis gepraat, en die vis het vir Jona uitgespoeg op die land.

Jona 3

Die Here stuur weer vir Jona na Nineve

1Die Here het weer met Jona gepraat. Hy het vir Jona gesê:

2"Jy moet gereedmaak. Jy moet na die groot stad Nineve gaan. Jy moet vir die mense sê wat Ek vir jou gesê het om vir hulle te sê."

3Jona het gereedgemaak en hy het na Nineve gegaan soos die Here gesê het. Nineve was 'n baie groot stad. As 'n mens deur die stad wou loop, dan moes hy drie dae lank loop.

4Jona het in die stad in geloop, een dag lank. Hy het gepraat sodat al die mense dit kon hoor. Hy het gesê: "Oor 40 dae sal God die mense in Nineve straf en Hy sal die stad verwoes!"

Die mense van Nineve hou op om verkeerd te doen

5Die mense van Nineve het geglo wat God gesê het. Hulle het gesê almal moet vas, hulle moet niks eet nie. Almal het rouklere aangetrek, die belangrike mense en ook die mense wat nie belangrik was nie.

6Die koning van Nineve het hiervan gehoor. Hy het toe afgeklim van sy troon en hy het sy koningsklere uitgetrek. Hy het rouklere aangetrek en hy het op 'n ashoop gaan sit.

7Hy het vir die mense van Nineve gesê: "Die koning en sy amptenare sê: Niemand mag iets eet of drink nie, nie 'n mens of 'n dier nie, nie 'n bees of 'n skaap of 'n bok nie.

8Almal moet rouklere dra, mense en diere. Almal moet ernstig tot God bid. Almal moet ophou om sonde te doen en om slegte dinge te doen aan ander mense.

9Miskien sal God sy plan verander, miskien sal Hy ons nie meer straf nie. Miskien sal Hy jammer wees vir ons, miskien sal Hy nie meer kwaad wees vir ons nie. Dan sal ons nie sterf nie."

10God het gesien die mense van Nineve het opgehou om verkeerde dinge te doen. God was jammer vir hulle en Hy het hulle nie gestraf nie.

Jona 4

Jona is kwaad omdat God genadig is

1Jona was baie ontevrede. Hy het kwaad geword

2en tot die Here gebid en gesê: "Here, toe ek nog in my land was, het ek geweet dit sal gebeur. Daarom wou ek dadelik na Tarsis vlug. Ek het geweet U is 'n God

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

wat genadig is, U is goed vir mense wat swaarkry. U is geduldig en U is vol liefde. U vergewe mense se sonde maklik.

3Daarom, Here, laat my sterf. Ek wil nie lewe nie."

4Die Here het gesê: "Dink jy dit is reg om so kwaad te word?"

Die plant wat skaduwee gegee het

5Jona het uit die stad geloop en hy het oos van die stad gaan sit. Hy het vir hom 'n afdak gemaak en in die skaduwee gaan sit. Hy wou sien wat met die stad gebeur.

6Die Here het 'n plant laat groei, en die plant het skaduwee gemaak oor Jona se kop. Die son het hom nie gebrand nie. Jona was baie bly oor die plant.

7Maar toe dit lig word die volgende oggend, het God 'n wurm gestuur, en die wurm het die plant begin vreet. Die plant het toe doodgegaan.

8Toe die son opkom, het God ook 'n warm oostewind laat waai, en die son het Jona se kop gebrand. Jona het amper flou geword en hy het gewens hy gaan dood. Hy het gesê: "Ek wil sterf, ek wil nie lewe nie."

9God het vir Jona gevra: "Dink jy dit is reg om kwaad te word oor die plant?" En Jona het gesê: "Ja, dit is reg! Ek is so kwaad dat ek kan sterf!"

10Die Here het vir Jona gesê: "Jy is bekommerd oor die plant, maar jy het dit nie geplant nie, jy het nie gewerk om dit te laat groei nie. Jy het nie die plant opgepas nie. Die plant het in die nag begin groei en dit het in die nag doodgegaan.

11Maar jy sê Ek mag nie bekommerd wees oor die stad Nineve nie. Dit is 'n groot stad, daar is meer as 120 000 mense in die stad. Hulle weet nie wat is reg en wat is verkeerd nie. Daar is ook baie diere in die stad. Mag Ek nie oor hulle bekommerd wees nie?"

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Miga

Miga 1

1 Die Here het met Miga gepraat. Miga het van die stad Moreset gekom. Dit was in
die tyd toe Jotam koning van Juda was. Ná Jotam was Agas koning, en ná Agas was
Hiskia koning. Die Here het vir Miga gewys wat met Samaria en Jerusalem sal gebeur.

Die Here kom omdat die Israeliete sonde gedoen het

2 Al die volke moet luister. Almal wat op die aarde woon, moet luister. Die Here sal sê
wat julle verkeerd gedoen het. Hy kom uit sy gewyde tempel,

3 Hy kom van die plek waar Hy woon. Hy kom af uit die hemel en Hy trap die offer-
plekke in die land plat.

4 Wanneer Hy kom, dan smelt die berge en die valleie onder Hom. Hulle verdwyn
soos iets wat smelt in vuur, soos water wat afloop teen ’n heuwel.

5 Die Here kom omdat die Israeliete, die nageslag van Jakob, sonde gedoen het.
Samaria is die plek waar die Israeliete sonde gedoen het, Jerusalem is die offer-plek
waar die mense van Juda offer.

Ek sal Samaria heeltemal verwoes

6 Die Here sê: “Ek sal Samaria heeltemal verwoes. Mense sal wingerde plant waar
die stad was. Ek sal Samaria se geboue afbreek. Daar sal net ’n paar klippe oorbly.

7 Die vyande sal die beelde in Samaria stukkend slaan en hulle sal die presente
verbrand wat die mense na die tempel gebring het. Dit was presente vir tempel-
prostitute, en die vyande sal dit gebruik om ander tempel-prostitute te betaal.”

Miga sal hartseer wees

8 Ek, Miga, sal hartseer wees en treur wanneer die vyande Samaria verwoes, ek sal
kaalvoet loop en my klere uittrek. Ek sal skree soos ’n jakkals, en kla soos ’n volstruis.

9 Dit gaan baie sleg met Samaria. Dit gaan nou ook sleg met Juda hier in Jerusalem
waar my volk woon.

Die vyande sal die mense van tien stede in Juda vang en wegvat

10 Moenie vir die mense van die stad Gat daarvan vertel nie, moenie daaroor huil nie.
Gaan lê in die stof in die stad Bet-Leafra.

11 Kom uit julle stad, mense van die stad Safir. Die vyande vang julle en vat julle weg.
Die mense van die stad Saänan kom kaal uit hulle stad. Die mense van die stad Bet-
Esel treur oor hulle mense wat dood is, die vyande het hulle stad verwoes.

12 Die mense van die stad Marot het gedink dit sal goed gaan, maar die Here het dit
sleg laat gaan met die stad Jerusalem.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Mense van die stad Lakis, julle moet die perde inspan voor julle oorlogkarre. Dit is
julle wat die mense van Jerusalem en Israel laat sonde doen het.

14Julle moet die mense van die stad Moreset-Gat groet, hulle moet ook gaan. Die
mense wat in die stad Aksib woon, sal nie die konings van Israel kan help nie.

15Mense van die stad Maresa, die vyande sal na julle toe ook kom. Hulle sal tot by
die stad Adullam kom, en niemand sal die Israeliete respekteer nie.

16Julle moet julle hare afskeer. Skeer julle koppe so kaal soos 'n aasvoël se kop, want
die vyande sal die mense van al hierdie stede vang en wegvat.

Miga 2

Julle is slegte mense

1Dit sal sleg gaan met die mense wat in die nag lê en dink watter verkeerde dinge
hulle kan doen en dit die volgende oggend doen. Hulle dink hulle is sterk en hulle
mag dit doen.

2Hulle wil ander mense se grond hê en hulle vat dit, hulle vat 'n man se huis en sy
grond.

3Daarom sê die Here: "Julle is slegte mense. Ek sal julle straf, en niemand sal julle red
nie. Julle sal nie meer so hoogmoedig wees nie. Julle sal baie swaar kry in daardie
tyd."

Die Here het ons swaar gestraf

4Die mense sal daardie dag hoor julle praat oor julleself en julle treur. Julle sal sê:
"Die Here het ons swaar gestraf, Hy gee ons goed vir ander mense. Hy vat ons grond
en gee dit vir die mense wat ons verraai het."

5Ja, wanneer hulle in die vergadering van die Here se volk lootjies trek om te kyk wie
grond moet kry, dan sal niemand vir julle lootjies trek nie. Julle sal niks kry nie.

Julle het die stad onrein gemaak

6Julle sê ek moenie praat nie, ek moenie so praat nie, dit sal ons nie help nie.

7Israeliete, julle sê: "Is die Here nou nie meer geduldig met ons nie? Is dit Hy wat
hierdie dinge doen? Die Here belowe goeie dinge vir mense as hulle reg lewe!"

8Maar die Here sê: "My volk, julle het lank gelede my vyande geword. Julle vat die
klere van mense wat in julle land kom en wat dink hulle is veilig by julle. Julle vat ook
die klere van julle soldate wat terugkom van die oorlog.

9Julle jaag die vroue van my mense uit hulle mooi huise. Julle vat ook die mooi goed
wat Ek vir hulle kinders gegee het om altyd aan hulle te behoort.

10Julle moet opstaan en begin loop, julle sal nie hier bly nie. Julle het die stad onrein
gemaak. Die vyande sal die stad verwoes, heeltemal verwoes."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Hierdie mense wil ’n profeet hê wat lieg en bedrieg. Hulle wil ’n profeet hê wat sê:
“Gee vir my wyn en bier, dan sal ek vir julle ’n profeet wees.”

Julle maak of my volk diere is

12Julle sê die Here sê: “Israeliete, Ek sal al julle mense bymekaarmaak. Ek sal die mense van Israel wat nog lewe, bymekaarmaak soos skape en bokke in ’n kraal, soos ’n klomp skape in die veld. Die land sal weer vol mense wees.

13Ek sal hulle bring uit die lande waar hulle nou is, Ek sal voor hulle loop, en hulle sal weer by Jerusalem se poorte ingaan en uitgaan. Ek is die Here, hulle Koning, Ek sal voor hulle loop, Ek sal hulle lei.”

Miga 3

1Maar ek sê: Leiers van die Israeliete, julle moet luister! Julle weet wat reg is,

2maar julle haat alles wat goed is en julle is lief vir alles wat sleg is. Julle maak of my volk diere is.

3Julle eet hulle vleis en julle slag hulle vel af. Julle kap hulle bene stukkend, julle sny hulle vleis soos ’n mens vleis sny om dit te kook.

4Dan roep julle na die Here en julle vra dat Hy julle moet help, maar Hy antwoord julle nie. Hy wil nie luister na julle nie, want julle het verkeerd gedoen.

Die son sal ondergaan vir die profete

5Die Here sê vir die profete wat sy volk bedrieg: “Wanneer mense vir julle kos gee, dan sê julle daar sal vrede wees, en wanneer hulle nie vir julle kos gee nie, dan sê julle daar sal oorlog kom.”

6Daarom sal dit nag word vir julle. Die Here sal nie vir julle wys wat sal gebeur nie. Die son sal ondergaan vir die profete. Dit sal donker word vir hulle.

7Die profete dink hulle weet wat sal gebeur, maar hulle sal nie weet wat om te sê nie, want God sal nie met hulle praat nie.

8Net ek, Miga, is sterk. Die Gees van die Here het my sterk gemaak. Ek weet wat is reg, en ek is nie bang om vir die Israeliete te sê dat hulle sonde gedoen het nie.

9Leiers van die Israeliete, julle moet luister! Julle dink dit is nie belangrik om reg te doen nie, julle dink dit is reg om verkeerd te doen.

10Die hele Jerusalem is vol moordenaars en mense wat verkeerd doen. Dit is julle skuld.

11Die leiers wat moet sê wat reg is, vra geld om dit te doen. Die profete wat moet sê wat sal gebeur, vra geld om dit te doen. Julle doen nie reg nie, maar julle sê die Here is by julle. Julle sê Hy sal dit goed laat gaan met julle.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Omdat julle dit doen, sal die vyande Jerusalem omploeg soos ’n mens ’n stuk grond omploeg. Hulle sal Jerusalem verwoes, en die berg waar die tempel nou staan, sal vol bosse wees.

Miga 4

Ons sal altyd lewe soos ons God wil hê

(Ook Jes 2:2-4)

1Julle sê: “Eendag sal die berg waarop die Here se tempel staan, hoër wees en vaster staan as die ander berge en heuwels. Baie volke sal na hierdie berg kom.

2Die mense van baie volke sal kom en hulle sal sê: ‘Kom ons gaan op teen die berg van die Here, na die tempel van die God van Jakob. Dan sal Hy vir ons leer wat ons moet doen, en dan kan ons so lewe. Ons moet na Jerusalem gaan, dan sal ons weet wat die Here wil hê ons moet doen en wat Hy vir ons wil sê.’

3“Die Here sal die regter wees tussen die volke en Hy sal die sterk volke vrede laat maak met mekaar, die volke wat naby is en die volke wat ver is. Dan sal die volke hulle swaarde en spiese smelt en hulle sal skerp ysters maak om te ploeg en messe om bome se takke af te sny. Die volke sal nie weer oorlog maak teen mekaar nie en hulle sal ook nie leer om oorlog te maak nie.

4Elke Israeliet sal onder sy eie wingerdstok of onder sy eie vyeboom sit. Die Israeliete sal vir niemand bang wees nie. Die Here het dit gesê, Hy regeer oor alles.

5Ja, elke volk lewe soos sy god wil hê, maar ons sal altyd lewe soos ons God wil hê.”

Soos voorheen sal daar weer ’n koning in Jerusalem wees

6Julle sê die Here sê: “Daardie dag sal Ek my skape bymekaarmaak. Hulle pote is seer, die vyande het hulle weggejaag na al die kante toe, want Ek het my volk gestraf.

7Ek sal my skape terugbring, my skape wat oorgebly het. Ek het my volk weggejaag, maar Ek sal hulle terugbring en Ek sal hulle weer ’n sterk volk maak. Ek sal self op Sionsberg oor hulle regeer, vir altyd.

8En soos voorheen sal daar weer ’n koning in Jerusalem wees, en hy sal kyk dat dit goed gaan met my volk.”

Jy moet seerkry

9Jerusalem, hoekom skree jy? Hoekom kry jy seer soos ’n vrou wat ’n kind kry? Is jou koning weg? Is die mense weg wat vir jou moet sê wat om te doen?

10Jy moet seerkry, jy moet skree soos ’n vrou wat ’n kind kry, want jou mense moet uit die stad gaan. Hulle moet in die veld gaan woon en dan na die stad Babel gaan. Die Here sê: “Daar in Babel sal Ek julle red, Ek sal julle vrymaak van julle vyande.”

Die volke verstaan nie die Here se planne nie

11Baie volke het gekom om oorlog te maak teen julle. Hulle sê: “Ons sal die stad oorwin, ons sal sy mure afbreek!”

© Bible Society of South Africa.

12Maar hulle weet nie wat die Here met hulle wil doen nie, hulle verstaan nie die
Here se planne nie. Die Here het die volke bymekaargebring soos ’n boer koring-
gerwe bymekaarbring op die dorsvloer.

13Nou moet die mense van Jerusalem die volke trap soos beeste die koring-gerwe
trap. Die Here sê: “Ek gee vir hulle ysterhorings en brons-pote. Dan kan hulle die
volke fyntrap en hulle kan die volke se goed vat en vir My present gee.” Die volke se
goed sal behoort aan die Here van die hele aarde.

Die nuwe koning sal kom

14Julle sê: “Jerusalem is ’n stad waar daar baie diewe is, en die vyande maak oorlog
teen die mense in die stad. Die vyande kom van al die kante, en hulle wil die koning
van Israel met stokke teen sy gesig slaan.

Miga 5

1Maar uit die klein stadjie Betlehem in Efrata sal weer iemand kom wat koning sal
word van die Israeliete. Sy familie is nie ’n belangrike familie in die land Juda nie,
maar sy familie woon al lank in die land.

2Die Here sal sy mense ’n kort tyd los, so lank soos dit ’n vrou neem om ’n baba te
kry. Maar dan sal die mense wat nog lewe van die familie, terugkom na die Israeliete
toe.

3Die nuwe koning sal kom en hy sal sy volk lei. Die Here sal hom help, die Here sal
hom sterk maak sodat hy sy volk kan lei. Die volk sal oral op die aarde woon, want
die nuwe koning sal sterk wees

4en hy sal vrede bring. Wanneer die Assiriërs teen ons land kom oorlog maak en
hulle wil in ons mooi huise ingaan, dan sal ons, die Israeliete, genoeg leiers hê om
teen hulle te veg.

5Ons leiers met hulle skerp swaarde sal die Assiriërs oorwin wat uit die land Nimrod
kom. Wanneer hulle in ons land inkom om teen ons te kom veg, dan sal ons nuwe
koning ons red.

6Die Israeliete wat nog lewe, sal wees soos dou wat van die Here kom na baie volke
toe. Hulle sal wees soos goeie reën wat die gras groen laat word.

7Die Israeliete wat nog lewe, sal tussen al die volke wees soos leeus wat tussen wilde
diere loop, of soos leeus wat tussen ’n klomp skape loop en hulle doodbyt. Niemand
kan die diere uit die leeus se bekke ruk nie.

8Die Israeliete sal hulle vyande almal doodmaak.”

Ek sal die volke swaar straf wat nie na My geluister het nie

9Maar die Here sê: “Ek sal daardie dag julle perde doodmaak en
julle oorlogkarre verwoes.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Ek sal die stede in julle land verwoes, Ek sal hulle sterk mure afbreek.

11Ek sal die goed waarmee julle toor, uit julle hand ruk. Daar sal nie meer mense by julle wees wat dink hulle weet wat ander mense nie kan weet nie.

12Ek sal julle beelde en julle klip-pale verwoes. Julle sal nie meer buig voor afgode wat julle self gemaak het nie.

13Ek sal julle gewyde pale uitruk en julle stede verwoes.

14Ek sal die volke swaar straf wat nie geluister het na My nie."

Miga 6

Die Here sê sy volk het verkeerd gedoen

1Luister wat sê die Here. Julle moet praat met die berge en die heuwels.

2Berge, julle is die fondamente van die aarde, julle moet luister na wat die Here sê, want die Here sê sy volk het verkeerd gedoen. Hy vra:

3"My volk, wat het Ek aan julle gedoen wat verkeerd is? Hoe het Ek julle moeg gemaak? Antwoord My!

4Ek het julle uit Egipte gebring, Ek het julle vrygemaak uit die plek waar julle slawe was. Ek het gesê Moses en Aäron en Mirjam moet julle lei.

5"My volk, julle moet onthou wat koning Balak van Moab met julle wou doen en wat Bileam seun van Beor vir hom gesê het. Julle moet alles onthou wat gebeur het tussen die stede Sittim en Gilgal sodat julle kan weet wat die Here gedoen het om julle te red."

Waarmee sal ek die Here dien?

6Julle vra: "Wat moet ek saamneem as ek na die Here se tempel gaan? Waarmee sal ek die Here dien? Die Here is groot. Moet ek brand-offers vir Hom bring? Moet ek vir Hom kalwers offer?

7Sal die Here hou van 1 000 skaap-ramme, en van 10 000 riviere vol olyf-olie? Moet ek my oudste seun offer omdat ek sonde gedoen het?"

Julle moet gehoorsaam wees aan julle God

8Die Here het vir julle gesê wat reg is. Hy wil net hê julle moet doen wat reg is. Julle moet Hom altyd dien. Julle moet gehoorsaam wees aan julle God.

9Die Here roep die mense van Jerusalem. Elke mens wat weet wat reg is, moet bang wees vir sy God.

Julle is 'n klomp slegte mense

Die Here sê: "Luister, koning en almal wat in die stad bymekaar is,

10julle is 'n klomp slegte mense. Ek hou nie daarvan dat julle skelm is wanneer julle iets meet en weeg nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Ek sien wanneer julle iets weeg met ’n weegskaal wat nie reg weeg nie.

12Die ryk mense doen slegte dinge aan die arm mense, en almal in die stad lieg en bedrieg.

13“Daarom het Ek klaar begin om julle te straf omdat julle sonde gedoen het.

14Julle sal eet, maar julle sal nie vol word nie, julle sal honger bly. Julle sal julle goed bêre, maar Ek sal dit gee vir die mense wat teen julle oorlog maak.

15Julle sal koring saai, maar julle sal nie koring afsny nie. Julle sal olie druk uit die olywe, maar julle sal nie olie kry om aan julleself te smeer nie. Julle sal sap uit die druiwe druk, maar julle sal nie wyn kry om te drink nie.

16Julle het gelewe soos die slegte konings Omri en Agab. Daarom sal Ek vyande laat kom, en hulle sal julle stad verwoes. Hulle sal baie slegte dinge doen aan julle en hulle sal julle spot.”

Miga 7

Die dag sal nou kom

1Dit gaan sleg met my! Dit is soos wanneer die mense die koring klaar afgesny het en die laaste druiwe gepluk het. Dan is daar nie meer druiwe of vye om te eet nie.

2Daar is niemand in die land wat lewe soos die Here dit wil hê nie. Almal wil mense vermoor, hulle wil mekaar doodmaak.

3Hulle weet baie goed hoe om verkeerd te doen. Die amptenare en die regters vra geld wanneer hulle iets moet doen. Die belangrike mense sê wat hulle wil hê en hulle kry dit. Waar hulle is, is alles sleg.

4Die beste amptenare en regters is soos ’n bos vol dorings. Dit lyk of hulle reg lewe, maar hulle is sleg. Die dag sal nou kom, die dag wanneer die Here hulle sal straf. Hulle sal nie meer weet wat om te doen nie.

5Jy kan nie meer glo wat jou vriend vir jou sê nie. Jy moet oppas wat jy vir jou vrou sê.

6Seuns respekteer nie meer hulle pa’s nie, dogters is parmantig met hulle ma’s, en skoondogters met hulle skoonma’s. ’n Man se eie familie is sy vyande.

My God sal luister na my gebed

7Maar ek sal wag totdat die Here kom, ek sal wag totdat my God my kom red. My God sal luister na my gebed.

Hy sal dit goed laat gaan met ons

8Die mense van Jerusalem sê vir hulle vyande: “Julle moenie bly wees omdat dit so sleg gaan met ons nie. Ons het geval, maar ons sal weer opstaan. Ons sit in die donker, maar die Here is ons lig.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Ons het sonde gedoen teen die Here, en daarom sal ons tevrede wees wanneer Hy
ons straf. Maar Hy sal ons weer help. Hy sal dit goed laat gaan met ons. Hy sal die
donker wegvat en Hy sal ons na die lig bring. Hy sal ons red."

10Die mense van Jerusalem sê: "Ons vyande sal dit sien, en hulle sal nie weet wat om
te doen nie. Hulle het vir ons gesê: 'Waar is julle God die Here? Hy help julle nie.'
Nou sal ons sien wat met hulle gebeur: Hulle vyande sal op hulle trap soos hulle op
die modder in die strate trap."

11Jerusalem, die dag is naby wanneer hulle weer jou mure sal bou. Hulle sal dan nog
meer huise in jou bou.

12Daardie dag sal jou mense na jou toe terugkom uit Assirië en uit Egipte, van die
Eufraat-rivier en van oral in die wêreld.

13Maar in die ander lande sal daar nie mense woon nie, want hulle mense het baie
sonde gedoen.

Ek sal die volk help

14Die Here sê: "Jy moet jou volk oppas. Jy moet die skape en bokke wat aan jou
behoort, laat wei. Hulle is nou alleen in die bos op Karmel-berg. Hulle moet weer in
die lande Basan en Gilead wei, soos lank gelede."

15Die Here sê: "Ek sal die volk help. Hulle sal weer wonderwerke sien, soos lank
gelede toe julle uit Egipte gekom het."

16Die volke sal dit sien en hulle sal nie weet wat om te doen nie. Hulle sal niks kan
doen nie, hulle sal hulle monde en hulle ore toedruk met hulle hande.

17Hulle sal stof lek soos slange wat op die grond seil. Hulle sal bewe en uit hulle
wegkruip-plekke kom na ons God die Here toe. Hulle sal skrik, hulle sal bang wees vir
Hom.

U sal die Israeliete nie los nie

18Daar is nie nog 'n God soos U nie, Here. U vergewe ons sonde. Ons is die mense
van u volk, die mense wat nog lewe. U bly nie altyd kwaad nie, U wil graag lief wees
vir ons.

19U sal weer goed wees vir ons, U sal ons sonde stukkend trap en dit in die see gooi.

20U sal die Israeliete nie los nie. U sal altyd lief wees vir die nageslag van Abraham. U
het dit belowe aan ons voorvaders, lank gelede.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Nahum

Nahum 1

[1]Die Here het vir Nahum gewys wat Hy met die stad Nineve wil doen. Nahum het van die stad Elkos gekom. Die Here het gesê Hy sal Nineve straf.

Wanneer die Here kom

[2]Die Here is ’n God wat baie kwaad word en wat sy vyande straf. Hy straf die mense wat teen Hom is, Hy bly kwaad vir sy vyande.

[3]Die Here is geduldig en baie sterk, maar as iemand skuldig is, dan sal die Here hom straf. Wanneer die Here kom, dan is daar ’n sterk wind en ’n storm. Die wolke is soos stof onder sy voete.

[4]Wanneer Hy met die see raas, dan word die see droog. Hy laat al die riviere droog word. Die plante in Basan en op Karmel-berg word droog. Al die blomme op die Libanon-berg verlep en gaan dood.

[5]Die berge skud voor die Here, die heuwels smelt, die wêreld en almal wat op die wêreld woon, skrik wanneer die Here kom.

[6]Wie kan voor God staan wanneer Hy kwaad is? Niemand nie. Wanneer God kwaad is, dan is dit soos ’n vuur wat brand. Die rotse breek stukkend voor Hom.

Ek sal julle nou vrymaak

[7]Die Here is goed. Hy help mense wanneer dit sleg gaan met hulle en Hy is bekommerd oor almal wat vra dat Hy hulle moet beskerm.

[8]Maar die Here sal die mense van Nineve straf. Dit sal lyk soos wanneer ’n sterk stroom water hulle wegspoel. Hy sal sy vyande jaag tot in donker plekke.

[9]Die Here sal die planne stop wat julle teen Hom maak. Sy vyande sal nie weer kom nie.

[10]Hulle is soos dorings wat inmekaar steek, hulle is dronk van die wyn wat hulle drink, maar hulle sal brand soos kaf.

[11]Daar het iemand uit Nineve gekom wat slegte planne teen die Here gemaak het. Hy wou hê dit moet sleg gaan met die Israeliete.

[12]Die Here sê: “Daar is nou baie soldate in Nineve, en hulle is sterk. Maar hulle sal almal in oorlog sterf. My volk, Ek het julle laat swaarkry, maar Ek sal julle nie weer laat swaarkry nie.

[13]Ek sal julle nou vrymaak. Nineve sal nie meer regeer oor julle nie.”

Daar sal vrede wees

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Nineve, die Here het gesê die vyande moet jou verwoes, niemand sal jou naam weer noem nie. Die Here sê: “Ek sal die beelde stukkend breek wat in jou afgod se tempel is. Ek grawe vir jou ’n graf, want jy beteken niks.

15Kyk, daar oor die berge kom iemand wat ’n boodskap bring. Hy bring goeie nuus, hy sê daar sal vrede wees. Hy sê: ‘Mense van Juda, julle moet julle feeste vier. Julle moet vir die Here gee wat julle belowe het. Die slegte mense wat julle verdruk het, sal nie weer in julle land kom nie. Hulle is dood.’ ”

Nahum 2

Nineve, die vyande sal kom

1Die Here sê: “ Nineve, die vyande sal kom en hulle sal julle mense wegjaag na al die kante toe. Julle moet die stad se mure oppas en die pad dophou. Julle moet gereedmaak om oorlog te maak, julle moet al julle soldate bymekaarmaak.

2Julle het die Israeliete se goed weggevat en julle het hulle wingerdstokke verwoes, maar Ek sal die Israeliete weer so sterk maak soos hulle was.”

3Julle vyande se skilde is rooi geverf, en hulle klere is rooi. Hulle oorlogkarre blink soos vuur. Hulle wil julle aanval. Die soldate swaai hulle spiese.

4Die oorlogkarre jaag op die paaie, hulle ry vinnig oor die veld. Hulle blink soos vuurvlamme, hulle is so vinnig soos weerlig.

5Die koning van Nineve roep sy beste soldate om teen die vyande te veg. Maar wanneer hulle kom, dan val party van hulle. Hulle hardloop na die muur van die stad, maar die vyande is al buite by die muur onder ’n skild-dak.

6Dan maak die vyande die hekke oop en hulle gaan in, en die mense in die paleis hou op om te veg. Die hekke was in die rivier wat deur die stad gevloei het.

7Dit is seker: Die vyande vat al die mense van Nineve weg. Die slavinne kla soos duiwe wat koer, hulle huil en slaan op hulle bors.

8Die mense van Nineve vlug uit die stad soos water wat uit ’n dam vloei. Die soldate skree: “Wag! Staan stil!” Maar niemand kyk om nie.

9Die vyande skree: “Vat die silwer, vat die goud!” Daar is baie mooi en duur goed.

10Die vyande het alles in die stad gevat. Hulle het die stad verwoes. Die mense van Nineve het bang geword. Hulle knieë het swak geword. Hulle het seergekry. Almal se gesigte het bleek geword.

11-12Nineve was soos ’n plek waar leeus bly. ’n Leeu-mannetjie en ’n leeu-wyfie en hulle kleintjie is vir niks bang nie. Hulle vang diere wanneer hulle wil. Die leeu-mannetjie vang ’n dier en verwurg dit en hy bring kos vir sy wyfies en sy kleintjies.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Nineve se mense was ook vir niks bang nie. Hulle het ander mense gevang soos leeus diere vang, en hulle het die mense se goed gevat.

13Die Here wat oor alles regeer, sê: “Nineve, Ek is nou teen jou. Ek sal jou oorlogkarre verbrand en Ek sal jou soldate doodmaak. Jy sal nie weer ander mense se goed vat nie. Jy sal nie weer boodskappers stuur na ander plekke nie.”

Nahum 3

Dit sal sleg gaan met Nineve

1Die Here sê: “Dit sal sleg gaan met Nineve. Die mense van die stad het baie mense vermoor. Hulle is skelm, die stad is vol goed wat hulle van ander mense gevat het.

2“Die vyande slaan die perde met swepe. Die oorlogkarre se wiele raas. Die perde hardloop vinnig, die oorlogkarre skud.

3“Die vyande kom vinnig nader op hulle perde. Hulle swaarde en hulle spiese blink in die son. Hulle maak baie mense dood. Die lyke lê oral, die mense val oor die lyke.

4“Nineve, dit sal alles gebeur omdat jy soos ’n prostituut is, ’n mooi vrou wat getoor het. Jy het ander mense gevat, en hulle het jou slawe geword. Jy het alles gevat wat hulle het.

5“Nou is Ek teen jou,” sê die Here wat oor alles regeer. “Ek sal met jou doen soos ’n mens met ’n slegte vrou doen: Ek sal jou rok optel sodat die ander volke jou kaal liggaam kan sien. Hulle sal sien jy is ’n slegte vrou.

6“Ek sal vuilgoed op jou gooi, en die mense sal sleg dink van jou. Hulle sal jou spot.

7Almal wat jou sien, sal weggaan van jou en sê: ‘Nineve is verwoes!’ Niemand sal daaroor jammer wees nie. Ek kry niemand wat jou kan troos nie.

8“Nineve, jy is nie beter as die stad No-Amon nie. No-Amon is langs die Nyl-rivier, en daar is water rondom die stad om die stad te beskerm.

9In die stad was soldate van die land Kus en van Egipte en van Put en van Libië, en daarom was No-Amon baie sterk.

10Maar die vyande het die mense van No-Amon gevang en weggevat na ’n ander land. Die vyande het die babas doodgemaak in die strate, en hulle het lootjies getrek om te sien wie kry elkeen ’n belangrike mens om sy slaaf te wees. Hulle het die belangrike mense vasgemaak met kettings en hulle weggevat.

11“Mense van Nineve, julle sal nie weet waar julle is nie, soos dronk mense. Julle sal ook ’n plek soek waar julle kan wegkruip vir julle vyande.

12Al julle sterk huise is soos ryp vye in vyebome. Wanneer jy die bome skud, dan val die vye in jou mond. So maklik sal julle vyande julle sterk huise vat.”

Niemand sal Nineve weer bou nie

© Bible Society of South Africa.

13Julle soldate beteken niks. Hulle is soos ’n klomp vroue. Die poorte van julle stad
sal oop wees, julle vyande sal die deure in die poorte verbrand.

14Julle moet genoeg water gaan haal en dit bêre, want julle vyande sal kom wag
rondom die stad se mure. Julle moet die stad se sterk mure nog sterker maak. Julle
moet bakstene maak van klei.

15Julle sal brand in die vuur. Die vyande sal julle doodmaak soos sprinkane. Julle het
so baie geword soos sprinkane.

16Julle handelaars was meer as die sterre in die lug, maar hulle is nou weg. Hulle is
weg soos sprinkane wat wegvlieg wanneer hulle klaar gevreet het.

17Die mense wat die stad moes oppas, en die amptenare, is soos sprinkane wat na ’n
ander plek vlieg. Die swerms sprinkane sit op die klipmure wanneer dit koud is, maar
wanneer dit warm word, dan vlieg hulle weg, en niemand weet waarnatoe hulle
gaan nie.

18Koning van Assirië, die leiers van jou mense slaap. Jou mense het gevlug en hulle is
oral op die berge. Daar is niemand wat hulle bymekaarmaak nie.

19 Nineve, die vyande sal jou verwoes, en niemand sal jou weer bou nie. Al die
mense sal bly wees, almal wat hoor wat met jou gebeur het. Hulle sal hande klap,
want jy het wrede dinge gedoen aan almal.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Habakuk

Habakuk 1

[1]Die Here het gepraat. Die Here het vir die profeet Habakuk gewys wat sal gebeur.

Here, hoe lank moet ek nog bid?

[2]Habakuk het gesê: “Here, hoe lank moet ek nog bid? Hoe lank moet ek nog soebat dat U ons moet help? U luister nie na ons nie, U help ons nie teen die mense wat ons laat swaarkry nie.

[3]Hoekom wys U vir my dat mense verkeerd doen aan ander mense? U sien hulle kry swaar maar U doen niks. Ek sien hoe mense slegte dinge doen aan ander mense en nie reg doen aan hulle nie.

[4]Daarom is die Wette van Moses nie meer belangrik vir al die mense nie, en daarom doen hulle nie reg aan ander mense nie. Dit gaan beter met mense wat verkeerd doen as met mense wat reg doen. Mense gaan kla in die poort, maar wanneer hulle daar weggaan, dan het niemand daar reg gedoen aan hulle nie.”

Ek sal die Galdeërs roep

[5]Die Here het gesê: “Julle moet na die volke kyk. Julle moet na hulle kyk, dan sal julle verbaas wees en nie weet wat om te sê nie. Ek sal nou iets doen, en julle sal dit nie glo wanneer mense dit vir julle vertel nie.

[6]Ek sal die Galdeërs roep. Hulle is die wrede, wilde volk wat oor die hele aarde gaan en lande vat wat nie aan hulle behoort nie.

[7]Almal is bang vir hulle, hulle doen wat hulle wil.

[8]Hulle perde is vinniger as jagluiperds en wilder as honger wolwe. Hulle soldate kom op hulle perde van ver plekke. Hulle kom so vinnig soos aasvoëls wat afduik om te kom vreet.

[9]Hulle almal kom oorlog maak, hulle jaag reguit vorentoe. Hulle vang baie mense, so baie soos sandkorrels.

[10]Hulle spot met konings en met mense wat regeer. Hulle kom maklik in ’n stad in, want hulle gooi grond teen die sterk mure en klim dan bo-oor die mure.

[11]Dan gaan hulle weg, hulle gaan verder soos die wind wat verby waai. Hulle dink hulle kan doen wat hulle wil omdat hulle sterk is.”

U het die Galdeërs gekies om ons te straf

[12]Habakuk het gesê: “Here, U was nog altyd God. U is my God, U is my heilige God. Ons sal nie sterf nie. Here, U is die Rots wat ons beskerm, maar U het die Galdeërs gekies om ons te straf en U het hulle sterk gemaak.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Ek weet U wil nie sien dat mense sonde doen nie. U wil nie kyk hoe mense
verkeerd doen nie. U hou niks daarvan dat mense ander mense laat swaarkry nie.
Hoekom sien U wat die Galdeërs doen, maar U doen niks? Hulle is slegte mense.
Hoekom bly U stil wanneer hulle mense doodmaak wat beter is as hulle?

14Die mense het nie leiers gehad nie, U het hulle gemaak soos die visse in die see en
soos die klein diertjies wat op die aarde kruip.

15Die Galdeërs vang die mense soos ’n mens visse vang met ’n hoek of in ’n net, en
dan is hulle bly en hulle juig.

16Hulle bring dan offers en hulle brand wierook vir hulle nette, want die nette help
hulle om ryk te word en lekker te eet.

17Here, is dit reg as die Galdeërs aanhou om mense dood te maak? Is dit reg as hulle
nie jammer is vir die mense nie?”

Habakuk 2

Miskien sien ek wat die Here vir my wil sê

1Ek sal bo-op die muur gaan staan sodat ek ver kan sien. Miskien sien ek wat die
Here vir my wil sê. Miskien antwoord Hy my vrae.

2Die Here het geantwoord. Hy het vir Habakuk gesê: “Ek sal vir jou iets wys, en jy
moet dit groot skryf op plat klippe, sodat almal wat daar verby hardloop, dit kan lees.

3Ek sal vir jou iets wys. Dit sal kom op die regte tyd. Dit sal gebeur, dit is seker. As dit
nie gou gebeur nie, dan moet jy wag, want dit sál gebeur.

4Hoogmoedige mense sal nie kry wat hulle wil hê nie, maar mense wat reg lewe, sal
aanhou lewe omdat hulle gehoorsaam is aan My.”

Dit sal sleg gaan met die Galdeërs

5Wanneer mense te veel wyn drink, dan is hulle nooit tevrede nie. Hulle dink hulle
kan doen wat hulle wil. Die Galdeërs is ook so. Hulle is soos die doderyk. Hulle maak
mense dood, maar hulle is nooit tevrede nie, hulle hou aan om mense dood te maak.
Hulle maak al die volke vir hulleself bymekaar soos die dood dooie mense
bymekaarmaak.

6Maar die volke sal eendag spot met die Galdeërs. Die volke sal vir mekaar sê: “Dit
sal sleg gaan met mense wat hulleself ryk maak en wat goed vat wat aan ander
mense behoort.” Dit sal nie meer lank wees nie,

7dan sal julle Galdeërs se vyande skielik kom. Die mense vir wie julle bang is, sal julle
goed kom vat.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Julle het baie volke se goed gevat. Nou sal die volke wat oorgebly het, julle goed
kom vat. Julle het baie mense vermoor, julle het oorlog gemaak teen al die mense
wat in stede gewoon het.

9Dit sal sleg gaan met mense wat ander mense se goed vat en hulleself ryk maak,
mense wat vir hulleself huise bou teen hoë berge sodat hulle veilig daar kan woon.

10Julle het planne gemaak om ander mense te laat sterf, baie mense. Nou sal julle
ook sterf.

11Want die klippe en die hout in julle huise het gesien wat julle gedoen het, hulle sal
skree en vertel wat hulle gesien het.

12Dit sal sleg gaan met mense wat stede wil bou vir hulleself. Wanneer hulle dit
gedoen het, dan vermoor hulle mense, hulle doen slegte dinge aan mense.

13Die Here regeer oor alles. Hy laat volke hard werk. Hulle werk en hulle kry baie
goed, maar die Here laat dit verbrand. Hy laat volke werk totdat hulle moeg is, maar
hulle kry niks.

14Die see is vol water. So sal die aarde vol mense wees wat die Here ken. Hulle sal
weet dat Hy God is en dat Hy oor alles regeer.

15Dit sal sleg gaan met mense wat vir ander mense drank gee om te drink en wat die
drank so sterk maak dat die mense dronk word en kaal gaan lê.

16Nou sal al die mense vir julle ook spot. Niemand sal julle respekteer nie, want julle
sal ook drink en kaal gaan lê. Die Here sal sy beker van swaarkry vir julle gee, en julle
sal daaruit moet drink. Niemand sal julle respekteer nie.

17Julle het die bosse op die Libanon-berg afgekap, julle het die diere doodgemaak.
Nou sal ander mense julle ook doodmaak, want julle het oorlog gemaak en julle het
mense doodgemaak in elke stad.

’n Beeld van ’n afgod beteken niks

18’n Beeld van ’n afgod beteken niks. Iemand het die beeld gemaak, en die beeld
laat mense lieg. Die mens wat die beeld gemaak het, dink die beeld sal hom help,
maar die beeld kan nie praat of iets doen nie.

19Dit sal sleg gaan met iemand wat vir ’n stuk hout of ’n klip sê: “Jy moet wakker
word, jy moet opstaan!” Die beeld kan nie vir hom iets leer nie. Hy het die beeld
oorgetrek met goud of silwer, maar die beeld lewe nie.

20Die Here is in sy gewyde tempel. Almal op die aarde moet stil wees voor Hom.

Habakuk 3

Die gebed van die profeet Habakuk

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[1]Die gebed van die profeet Habakuk. Die mense moet dit sing soos hulle die lied Sigjonot sing.

[2]Here, ek het gehoor die mense praat oor U, en ek eer U oor alles wat U gedoen het. Maar ek vra vir U: Doen dit nou weer, wys nou weer vir ons wat U gedoen het. U is nou kwaad, maar U moet asseblief weer goed wees vir ons.

[3]God kom van die land Teman, die heilige God kom van Paran-berg. *Sela* Alles in die hemel eer Hom, Hy is die Koning. Al die mense op die aarde prys Hom.

[4]Dit is lig rondom Hom, so lig soos die son, en uit sy hand kom die weerlig. Dan sien die mense hoe sterk Hy is.

[5]Waar Hy kom, word mense siek, en wanneer Hy weggaan, dan sterf hulle.

[6]Die aarde bewe waar Hy staan, die volke bewe waar Hy kyk. Die berge en die heuwels is baie oud, maar hulle breek en val. Die Here loop oor hulle soos Hy altyd gedoen het.

[7]Ek sien hoe die Here die Midianiete straf, die mense wat in tente woon in die land Kusan. Ek sien hoe bewe die mense in hulle tente in die land Midian.

[8]Here, dit lyk of U kwaad is vir die riviere en die see, want U kom op u perde en u oorlogkarre, die wolke. U kom om u vyande te oorwin.

[9]U haal u boog uit en U skiet u pyle, die weerlig. Die weerlig slaan waar U gesê het dit moet slaan. *Sela* Dan val die reën en die riviere sny die aarde.

[10]Die berge sien U en hulle bewe. Die strome water gaan verby. Die see raas, en sy branders is groot.

[11]Die weerlig is u pyle en u spiese. Wanneer die weerlig slaan, dan staan die son en die maan stil.

[12]U is kwaad, U kom na die aarde. U is kwaad, U kom die volke straf.

[13]U kom om u volk te red, en ook die koning wat U gesalf het. U maak die leier van die slegte mense dood en U breek hulle huise heeltemal af. *Sela*

[14]Die vyande se soldate hardloop na ons toe om ons weg te jaag na al die kante toe, maar U maak hulle leier dood met sy eie spies. Hulle het gedink u volk is swak, hulle het gedink hulle sal ons maklik vang en doodmaak waar niemand dit sien nie. Hulle het al klaar bly geword daaroor.

[15]Wanneer U oor die see ry met u perde, dan raas die water. Die wolke is u perde.

[16]Ek hoor dit en ek skrik. My lippe bewe, my hele liggaam word lam, my bene ruk. Ek bly stil en ek wag dat die dag moet kom. Ek wag vir die dag wanneer daardie volk ook swaar sal kry, die volk wat teen ons oorlog gemaak het.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17 Die vyeboom kry nie blare nie, en daar is nie druiwe aan die wingerdstok nie. Daar
is niks olywe nie, en ons het nie koring in ons koringlande nie. Die vyande het ons
skape en bokke uit ons kampe weggevat, en daar is nie beeste in die kraal nie.

18 Maar ek is bly. Ek juig oor alles wat die Here doen, Hy is die God wat my red.

19 Die Here maak my sterk. Hy help my om veilig te loop oor hoë berge, so maklik
soos ’n ribbok daar loop. Julle moet op die lier speel en hierdie lied sing.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Sefanja

Sefanja 1

[1]Die Here het met Sefanja gepraat. Dit was in die tyd toe Josia die koning van Juda was. Josia was die seun van Amon. Sefanja was die seun van Kusi, en Kusi was die seun van Gedalja. Gedalja was die seun van Amarja, en Amarja was die seun van Hiskia.

Ek sal alles wegvee van die aarde af

[2]Die Here sê: “Ek sal alles wegvee van die aarde af.

[3]Ek sal die mense en die diere doodmaak en wegvee, Ek sal die voëls in die lug en die visse in die see wegvee. Ek sal ook die slegte mense wegvee, die mense wat gekeer het dat ander mense reg doen. Ek sal die mense doodmaak en wegvat van die aarde af,” sê die Here.

[4]“Ek sal die mense van Juda en die mense in Jerusalem straf. Ek sal almal doodmaak wat nog die afgod Baäl dien. Niemand sal die name onthou van die afgode se priesters nie. Ek sal al die priesters doodmaak,

[5]die priesters wat op die dakke staan en vir die sterre buig, die priesters wat voor die Here buig en belowe om vir Hom presente te bring, maar wat ook belowe om vir die afgod Milkom presente te bring.

[6]Ek sal al die priesters doodmaak wat opgehou het om My te dien en wat nie meer vir My vra wat hulle moet doen nie.”

Die dag van die Here is naby

[7]Bly stil, die Here is naby! Die dag van die Here is naby. Die Here maak alles gereed, Hy wil mense slag soos ’n mens diere slag om te offer. Hy het hulle geroep en Hy maak hulle reg om hulle te offer.

[8]Die Here sê: “Op daardie dag sal Ek die amptenare en die prinse straf, almal wat klere dra van ander lande.

[9]Ek sal almal straf wat nie by die tempel se deur inloop nie, maar wat daar inspring soos die heidene altyd doen. Ek sal almal straf wat wrede dinge doen aan mense. Hulle steel die mense se goed en dan bring hulle die gesteelde goed na die tempel van hulle Koning, die Here.”

[10]Die Here sê: “Daardie dag sal hulle hoor hoe roep die mense by die Vis-poort, hulle sal hoor hoe huil die mense in die Tweede Stad. Hulle sal hoor hoe die heuwels stukkend breek.

[11]Mense wat in die Vysel woon, julle moet huil, want die handelaars sal sterf.

[12]Op daardie dag sal Ek al die mense soek wat in Jerusalem in die donker wegkruip, die mense wat tevrede is en dink hulle het niks nodig nie. Ek sal hulle straf. Hulle is

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die mense wat sê: ‘Die Here sal niks doen nie, nie iets wat goed is of iets wat sleg is nie.’

13Vyande sal hierdie ryk mense se goed wegvat en hulle huise afbreek. Hulle sal weer huise bou, maar hulle sal nie in die huise woon nie. Hulle sal wingerde plant, maar hulle sal nie druiwe kry om wyn te maak nie.”

14Die groot dag van die Here is naby, dit is baie naby, dit kom gou. Dit sal ’n baie slegte dag wees, en die soldate sal skree.

15Op daardie dag sal die Here kwaad wees. Op daardie dag sal die mense swaarkry. Op daardie dag sal die stormwinde waai. Op daardie dag sal dit baie donker wees. Op daardie dag sal daar donderwolke wees.

16Op daardie dag sal die vyande die ramshoring blaas en hulle sal skree. Hulle sal kom en hulle sal die sterk mure en die hoë torings van die stede aanval.

Die Here is baie kwaad

17Die Here sê: “Ek sal die mense laat swaarkry, want hulle het sonde gedoen teen My. Hulle sal loop soos blinde mense, hulle bloed sal op die grond val soos stof en hulle derms sal uitkom uit hulle liggame.”

18Hulle het baie silwer en goud, maar dit sal hulle nie help op die dag wanneer die Here hulle wil straf nie. Die Here is baie kwaad. Hy sal die hele aarde verwoes. Hy sal al die mense op die aarde vinnig laat sterf.

Sefanja 2

Julle moet verander voordat die Here julle straf

1Israeliete, julle is nie skaam oor alles wat julle gedoen het nie. Julle moet julle lewe verander

2voordat die dag van die Here kom. Op die dag van die Here sal julle brand soos kaf in vuur brand. Julle moet verander voordat die Here julle straf, want Hy is baie kwaad.

3Almal in die land wat nederig is, moet vra wat die Here wil hê en hulle moet dit doen. Julle moet aanhou om reg te doen en nederig te wees. Miskien sal die Here julle nie straf wanneer Hy kom nie.

Dit sal sleg gaan met die Filistyne

4Daar sal nie meer mense wees in die stad Gasa nie, en die vyande sal alles afbreek in die stad Askelon. Al die mense in die stad Asdod sal op een dag sterf, en die vyande sal die stad Ekron afbreek en verwoes.

5Ja, Filistyne, dit sal sleg gaan met julle wat naby die see woon, julle wat van die eiland Kreta kom. Mense van Kanaän, Filistyne-land, die Here sê Hy sal julle straf. Daar sal nie meer mense in julle land lewe nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Julle woon nou hier naby die see, maar skaapwagters sal hulle skape hier laat wei,
hulle sal hier krale maak vir hulle skape en bokke.

7Die mense van Juda wat nog lewe, sal die skape en bokke wees. Hulle sal wei in die
Filistyne se land, hulle sal in die aande gaan slaap in die huise van die stad Askelon.
Hulle God die Here sal hulle Herder wees, Hy sal hulle seën, sodat dit goed sal gaan
met hulle.

Die Here sal die ander volke straf

8Die Here sê: “Ek het gehoor hoe sleg praat die Moabiete en die Ammoniete oor my
volk. Hulle het gemaak of my volk niks beteken nie en hulle dink hulle is self baie
belangrik.”

9Die Here wat oor alles regeer, die God van die Israeliete, sê: “So seker soos Ek lewe,
die Moabiete en die Ammoniete sal word soos Sodom en Gomorra. Daar waar hulle
nou woon, sal net doringbossies groei, dit sal wees soos wanneer daar baie sout in
die grond is. Daar sal nooit weer iemand woon nie. Die mense van my volk wat nog
lewe, sal die Moabiete en die Ammoniete se goed vat en in hulle land gaan woon.”

10Dit sal gebeur omdat die Moabiete en die Ammoniete hoogmoedig was. Hulle het
gedink hulle is baie belangrik en hulle het gedink die Here se volk beteken niks, die
volk van die Here wat oor alles regeer.

11Die Moabiete en die Ammoniete sal baie bang word vir die Here, want Hy sal al
die gode van die aarde laat sterf. Hulle sal nie kos hê om te eet nie. Al die volke naby
die see en op die eilande sal voor die Here buig, elkeen in sy eie land.

12Die Here sal ook teen die Kussiete oorlog maak, en hulle sal sterf.

13Dan sal Hy sy hand uitsteek na die noorde en Hy sal die Assiriërs laat sterf. Waar
die stad Nineve nou is, sal daar ’n droë woestyn wees waar diere wei. Daar sal nie
mense woon nie.

14Baie soorte diere sal daar lê en rus. Pelikane en uile sal op die stad se pilare slaap.
Die wind sal deur die vensters waai. By die deure sal bakstene lê wat van bo afgeval
het, want die vyande sal al die sederhout van die huise afhaal en wegvat.

15Nineve was ’n stad vol vrolike mense wat oor niks bekommerd was nie. Hulle het
gedink hulle stad is die beste en die sterkste. Maar die vyande sal die stad verwoes.
Dit sal ’n plek wees waar net diere lê. Almal wat daar verbygaan, sal die stad Nineve
spot. Hulle sal na die hope klippe wys en lag.

Sefanja 3

Dit sal sleg gaan met Jerusalem

1Dit sal sleg gaan met Jerusalem. Die mense wat daar woon, is opstandig teen die
Here. Hulle is sleg, hulle verdruk mekaar.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Hulle luister nie wanneer die Here met hulle praat nie, hulle is ongehoorsaam. Hulle
dink die Here kan hulle nie help nie en hulle dien Hom nie.

3Die amptenare in die stad is soos leeus wat brul. Die leiers is soos wolwe wat in die
nag kos soek en niks laat oorbly vir die volgende oggend nie.

4Die profete dink net aan hulleself, jy kan hulle nie glo nie. Die priesters ontwy die
gewyde dinge. Hulle is nie gehoorsaam aan die wette van die Here nie.

5In hierdie stad is dit die Here wat die Regverdige is, Hy doen niks verkeerd nie. Elke
oggend wanneer dit lig word, sê Hy wie is reg en wie is verkeerd. Maar die mense
wat verkeerd doen, word nie skaam daaroor nie.

Hulle het aangehou om verkeerd te doen

6Die Here sê: “Ek het die mense van baie volke laat sterf. Ek het die sterk mure om
hulle stede afgebreek. Daar is niemand wat in hulle strate loop nie, niemand loop
daar verby nie. Ek het die huise in hulle stede afgebreek, daar woon niemand nie.

7Ek het vir die mense van Jerusalem gesê: ‘Julle moet My eer, julle moet luister
wanneer Ek met julle praat.’ As hulle geluister het, dan sou Ek die stad nie verwoes
nie en hulle nie straf nie. Maar hulle het aangehou om verkeerd te doen. Alles wat
hulle gedoen het, was verkeerd.

8Daarom moet julle wag vir die dag wanneer Ek kom om julle te straf. Ek het besluit
om die volke bymekaar te maak. Ek wil hê hulle moet voel hoe kwaad Ek is. Ek sal al
die mense op die aarde laat brand in die vuur, want Ek is baie kwaad.”

‘n Nederige en eenvoudige volk sal in Jerusalem oorbly

9“Maar op daardie dag sal Ek die volke verander. Hulle almal sal net vir My aanbid,
hulle sal net vir My dien.

10Die mense wat anderkant die riviere van Kus woon, sal vir My presente bring.
Hulle is mense van my volk wat My eer, maar Ek het hulle uit hulle land laat gaan, en
hulle het in die land Kus gaan woon.

11Ek sal die mense tussen julle wegvat wat dink hulle is baie belangrik. Daar sal nie
meer hoogmoedige mense op my gewyde berg wees nie. Dan sal julle nie meer
skaam wees oor alles wat julle teen My gedoen het nie.

12’n Nederige en eenvoudige volk sal in Jerusalem oorbly en hulle sal veilig voel by
My.

13Die Israeliete wat nog lewe, sal nie verkeerd doen nie en hulle sal nie lieg nie. Dit
sal goed gaan met hulle, soos met skape en bokke wat genoeg eet en dan gaan lê en
rus, en niemand maak hulle skrik nie.”

Die Here het besluit om julle nie te straf nie

14Israeliete, julle wat in Jerusalem woon, julle moet juig en bly wees,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15want die Here het besluit om julle nie te straf nie. Hy het julle vyande gestop en
laat teruggaan. Die Koning van Israel, die Here, is by julle. Julle moenie meer bang
wees nie.

16Daardie dag sal hulle vir die mense in Jerusalem sê: “Julle moenie bang wees nie,
mense van Jerusalem, julle moenie moedeloos wees nie.

17Julle God die Here is by julle. Hy is die Groot Soldaat wat julle sal red. Hy is bly en
Hy juig oor julle. Hy is lief vir julle en Hy sing oor julle.”

Nou sal al die mense op die aarde my volk eer

18Die Here sê: “Ek sal julle mense wat in ander lande is, bymekaarmaak. Hulle kan nie
in die ander lande die feeste van die Here vier nie. Hulle kry swaar omdat julle
verkeerd gedoen het.

19Ek sal nou almal straf wat vir julle verdruk het. Ek sal die lam mense help, ook die
mense wat moes vlug en op ander plekke moes gaan woon. Die ander mense het
gemaak of my volk niks beteken nie, maar nou sal al die mense op die aarde my volk
respekteer.

20Op daardie dag sal Ek hulle bymekaarmaak en terugbring. Al die volke op die aarde
sal hulle respekteer. Hulle sal self sien, dit sal goed gaan met hulle.” Dit sê die Here.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Haggai

Haggai 1

1 Die Here het met Serubbabel en Jesua gepraat. Hy het die profeet Haggai gestuur
om vir hulle 'n boodskap te bring. Dit was op die eerste dag van die sesde maand in
die tweede jaar nadat Darius koning geword het. Serubbabel was die goewerneur
van Juda en hy was die seun van Sealtiël. Jesua was die hoëpriester en hy was die
seun van Josadak.

Gaan haal hout op die berg en bou my tempel

2 Die Here wat oor alles regeer, sê: "Hierdie mense sê dit is nog nie die regte tyd om
die tempel van die Here weer te bou nie."

3 Die Here het vir Haggai gestuur om vir hulle 'n boodskap te bring: Die Here het gesê:

4 "Is dit reg dat julle in julle pragtige huise woon, die huise wat julle met hout mooi
gemaak het? Kyk, my tempel staan nie meer nie, dit is net 'n hoop klippe."

5 En nou sê die Here wat oor alles regeer: "Dink oor alles wat met julle gebeur het:

6 Julle het baie koring gesaai, maar julle het min koring afgesny. Julle het geëet, maar
julle was nog honger. Julle het gedrink, maar julle was nog dors. Julle het klere
aangetrek, maar julle het nog koud gekry. Julle het hard gewerk vir ander mense,
maar julle het nie geld nie."

7 Die Here wat oor alles regeer, sê: "Dink oor wat met julle gebeur het

8 en gaan haal hout op die berg en bou my tempel. Dan sal Ek bly wees daaroor en
dan kan die mense My daar eer." Dit het die Here gesê.

Julle almal werk hard net om julle eie huise te bou

9 Die Here sê: "Julle het gehoop daar sal baie koring wees wat julle kan afsny, maar
julle het min gekry. Toe julle dit huis toe gebring het, het Ek dit laat verdwyn.
Hoekom?" Die Here wat oor alles regeer, sê: "Ek het dit gedoen omdat my tempel
nie meer staan nie. Dit is net 'n hoop klippe, maar julle almal werk hard net om julle
eie huise te bou.

10 Daarom het die grond droog geword en dit het min koring gegee.

11 Ek het droogte gestuur oor die land en oor die berge en oor die koring, die wyn en
die olie. Ek het droogte gestuur oor alles wat in die grond groei, ook oor die mense
en oor die diere, oor al die werk van die mense."

Serubbabel begin die tempel bou

12 Serubbabel en die hoëpriester Jesua en al die mense wat nog gelewe het, het
gehoor wat hulle God die Here gesê het. Hulle het die boodskap gehoor wat
die profeet Haggai vir hulle gebring het. Die volk het toe bang geword vir die Here.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Haggai het ’n boodskap van die Here vir die volk gebring en gesê: “Ek is by julle, sê die Here.”

14Die Here het hulle harte verander. Toe wou Serubbabel, die goewerneur van Juda, en Jesua, die hoëpriester, en almal wat nog gelewe het, die werk graag doen. Hulle het gekom en hulle het die tempel begin bou, die tempel van hulle God die Here wat oor alles regeer.

15Dit was op die 24ste dag van die sesde maand in die tweede jaar nadat Darius koning geword het.

Haggai 2

In hierdie tempel sal dit goed gaan

1Op die 21ste dag van die sewende maand het die Here weer die profeet Haggai gestuur om vir hulle ’n boodskap te bring.

2Die Here het gesê: “Sê vir Serubbabel en vir Jesua en vir al die ander mense wat nog lewe:

3Wie van julle wat nog lewe, het voorheen my tempel gesien toe dit so mooi was? Hoe lyk hierdie tempel nou vir julle? Nie mooi nie!

4Maar Ek, die Here, sê: Julle moet sterk wees. Serubbabel en Jesua en al die mense van die land, julle moet sterk wees en werk, want Ek is by julle.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

5“Toe julle weggegaan het uit Egipte, het Ek belowe dat Ek julle sal help. Ek het my belofte nie vergeet nie. Moenie bang wees nie, Ek is by julle.”

6Ja, die Here wat oor alles regeer, sê: “Ek sal nog een maal die hemel en die aarde, die see en die land, skud. Ek sal dit gou doen.

7Dan sal al die volke hulle mooi en duur goed bring en hulle sal die tempel daarmee volmaak.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

8“Al die silwer en al die goud is Myne,” sê die Here wat oor alles regeer.

9“Hierdie tempel sal mooier wees as die tempel wat voorheen hier was.” Dit sê die Here wat oor alles regeer. “In hierdie tempel sal dit goed gaan,” sê die Here wat oor alles regeer.

Van vandag af sal Ek julle seën

10Op die 24ste dag van die negende maand, in die tweede jaar nadat Darius koning geword het, het die Here met die profeet Haggai gepraat.

11Die Here wat oor alles regeer, het gesê: “Vra vir die priesters:

12Wanneer iemand gewyde vleis in sy klere dra en sy klere raak dan aan brood of aan gekookte kos of wyn of olie of enige ander kos, sal daardie kos dan ook gewy

© Bible Society of South Africa.

wees? Wat sê die wet?" Die priesters het geantwoord: "Nee, die kos sal nie gewy wees nie."

13Toe vra Haggai: "Wanneer iemand aan 'n lyk raak en hy word onrein, en hy raak dan aan hierdie kos, sal die kos ook onrein word?" En die priesters het geantwoord: "Ja, die kos sal onrein word."

14Toe sê Haggai: "Die Here sê: So is hierdie volk, so is hierdie mense voor My. En so is alles wat julle doen. Alles wat julle na die tempel bring om te offer, is onrein.

15Julle moet kyk wat nou met julle sal gebeur. Voordat julle begin het om hierdie tempel weer te bou,

16het julle swaargekry. "Wanneer iemand by 'n hoop koring gekom het en gedink het daar is 20 kruike vol koring, dan was daar net tien. Wanneer hy by 'n parskuip gekom het en gedink het daar is 50 kruike vol wyn, dan was daar net 20.

17Hoekom? Ek het julle gestraf, Ek het julle koring siek laat word. Ek het hael gestuur om julle koring en alles wat julle geplant het, stukkend te slaan. Maar julle het nie gevra dat Ek julle moet help nie," sê die Here.

18"Vandag is die 24ste dag van die negende maand, en julle het nou die fondament van die Here se tempel klaar gebou. Julle moet kyk wat van nou af sal gebeur.

19Is daar nog saad in julle stoorkamers? Nee. Daar was niks vrugte aan julle wingerdstokke, julle vyebome, julle granaatbome en julle olyfbome nie. Maar van vandag af sal Ek julle seën."

Serubbabel sal soos 'n seëlring wees

20Die Here het weer met Haggai gepraat op die 24ste dag van die maand en vir hom gesê:

21"Sê vir Serubbabel, die goewerneur van Juda: Ek sal die hemel en die aarde skud.

22Konings sal van hulle trone moet afklim. Ek sal hulle swak maak en Ek sal die oorlogkarre omgooi en die soldate doodmaak wat op hulle ry. Die perde en die manne wat op hulle ry, sal sterf. Die manne sal mekaar doodmaak.

23"Die Here wat oor alles regeer, sê: Daardie dag sal jy, my dienaar Serubbabel, vir My soos 'n seëlring wees, want Ek het jou gekies om koning te word." Dit sê die Here wat oor alles regeer.

© Bible Society of South Africa.

Sagaria

Sagaria 1

1 Die Here het met die profeet Sagaria gepraat. Dit was in die tweede jaar nadat
Darius koning geword het, in die agste maand. Sagaria was die seun van Berekja en
Berekja was die seun van Iddo.

Julle moet terugkom na My toe

2 Die Here het gesê: “Ek was baie kwaad vir julle voorvaders.

3 Jy moet vir die mense van Juda sê: Die Here wat oor alles regeer, sê: Julle moet
terugkom na My toe, dan sal Ek na julle toe terugkom.

4 Julle moenie doen wat julle voorvaders gedoen het nie. Die profete wat daardie tyd
gelewe het, het julle voorvaders gewaarsku. Hulle het gesê die Here wat oor alles
regeer, sê: Julle moet ophou om verkeerd te lewe en verkeerd te doen. Maar julle
voorvaders het nie geluister na My nie.

5 En waar is hulle nou? Hulle is dood. Ook profete lewe nie vir altyd nie.

6 Ek het vir die profete, my dienaars, gesê wat hulle vir julle voorvaders moet sê, en
dit het alles gebeur. Julle voorvaders het na My toe teruggekom en gesê: ‘Die Here
wat oor alles regeer, het gesê Hy sal ons straf omdat ons verkeerd lewe en verkeerd
doen, en Hy hét ons gestraf.’ ”

Ek sal weer goed wees vir Jerusalem

7 Die Here het weer met die profeet Sagaria gepraat. Dit was in die tweede jaar
nadat Darius koning geword het, op die 24ste dag van die elfde maand, dit is die
maand Sebat. Sagaria was die seun van Berekja en Berekja was die seun van Iddo.

8 Dit was in die nag, en die Here het vir my, Sagaria, iets gewys. Daar was ’n man wat
op ’n rooi perd gesit het. Hy was tussen mirtebome in ’n diep kloof in ’n berg. Agter
hom was nog mense op rooi perde en bruin perde en wit perde.

9 Daar was ’n engel by my. Hy moes vir my sê wat alles beteken. Ek het vir die engel
gevra: “Meneer, hoekom is die mense en die perde hier?” Die engel het vir my gesê:
“Ek sal vir jou wys hoekom hulle hier is.”

10 Die man wat tussen die mirtebome gestaan het, praat toe en sê: “Die Here het
daardie mense gestuur. Hulle moet gaan kyk wat oral op die aarde gebeur.”

11 Die mense op die perde het gepraat met die Engel van die Here, die Man wat
tussen die mirtebome gestaan het. Hulle het gesê: “Ons was oral op die aarde, en
alles is stil en rustig op die aarde.”

12 Die Engel van die Here het toe gepraat en gesê: “Here, U wat oor alles regeer, U is
70 jaar lank kwaad vir die mense van Juda en Jerusalem. U moet asseblief weer goed
wees vir hulle.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Die Here het gepraat met die engel wat vir my moes sê wat alles beteken. Die Here het vir hom gesê dit sal weer goed gaan met die mense van Juda en Jerusalem.

14Die engel het toe vir my gesê: “Jy moet hard praat en jy moet sê die Here wat oor alles regeer, sê: ‘Ek is baie kwaad oor wat die ander volke met Jerusalem gedoen het.

15Ek is baie kwaad vir die volke wat gedink het hulle kan doen wat hulle wil. Ek was net ’n bietjie kwaad vir die mense van Jerusalem, maar die ander volke het hulle baie swaar laat kry.

16“ ‘Maar Ek sal nou weer goed wees vir die mense van Jerusalem. Hulle sal my tempel weer daar by hulle bou. Hulle sal die stad Jerusalem ook weer bou.’ Dit sê die Here wat oor alles regeer.

17“Jy moet weer hard praat en jy moet sê die Here wat oor alles regeer, sê: ‘Die stede van Juda behoort aan My. Dit sal weer goed gaan met die mense in die stede. En Ek sal weer goed wees vir die mense van Jerusalem. Ek sal weer sê: Jerusalem is my stad.’ ”

Die vier horings

18Die Here het weer vir my iets gewys. Ek het vier horings gesien.

19Ek vra toe vir die engel wat vir my moes sê wat alles beteken: “Hoekom is hulle hier?” Die engel het vir my gesê: “Die horings is die leiers van die volke wat die mense van Juda, Israel en Jerusalem weggevat het na ander lande.”

20Toe wys die Here vir my vier ambagsmanne,

21en ek vra: “Wat moet hulle doen?” Die engel sê toe: “Daardie horings is die leiers van die volke. Hulle het die mense van Juda weggevat uit hulle land en hulle het die mense verneder. Hierdie ambagsmanne het gekom om die horings af te kap. Hulle moet die leiers van die volke doodmaak. Dit is die volke wat die land Juda aangeval het en die mense weggevat het.”

Sagaria 2

Jerusalem sal nie mure hê nie

1Die Here het weer vir my iets gewys. Ek het ’n man gesien, en in sy hand was ’n tou om die stad Jerusalem te meet.

2Ek het vir hom gevra: “Waarnatoe gaan jy?” En hy het vir my gesê: “Ek gaan Jerusalem meet, ek wil sien hoe lank en hoe breed die stad is.”

3Die engel wat vir my moes sê wat alles beteken, het weggegaan. Maar ’n ander engel het na hom toe gegaan en vir hom gesê:

4“Hardloop terug en gaan sê vir daardie jongman, Sagaria: Jerusalem sal nie mure hê nie, want daar sal te veel mense en diere in die stad wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5Maar die Here sal self die stad beskerm. Hy sal ’n muur van vuur wees rondom die stad, en ’n lig binne-in die stad.”

Die Here sal weer sê Jerusalem is sy stad

6Die Here sê vir die mense van Jerusalem: “Kom, julle moet vlug uit daardie land in die noorde. Ek het voorheen die vyande gestuur om julle weg te vat na baie lande.

7Julle wat nou in die land Babel woon, julle moet daar uitkom en weggaan.”

8Dit is wat die Here sê, Hy wat oor alles regeer. Hy is die lig en Hy het my gestuur na die volke toe wat vir julle gevang en weggevat het. As iemand teen julle oorlog maak, dan maak hy oorlog teen die Here se eie mense. Die Here is baie lief vir hulle.

9Die Here sê: “Ek sal nou die mense van Babel straf. Hulle eie slawe sal hulle nou vang en wegvat.” Julle sal weet dat die Here my gestuur het om dit te sê, die Here wat oor alles regeer.

10Die Here sê: “Mense van Jerusalem, julle moet juig en bly wees, want Ek kom nou, en Ek sal tussen julle woon.

11Daardie dag sal mense van baie volke na My toe kom. Hulle sal ook my volk wees, en Ek sal in Jerusalem woon.” Julle sal weet dat die Here my gestuur het om dit te sê, die Here wat oor alles regeer.

12Die mense van Juda behoort aan die Here, en hulle sal weer sy volk wees in die gewyde land. Die Here sal weer sê Jerusalem is sy stad.

13Al die mense moet stil wees voor die Here, want Hy kom uit sy gewyde woonplek.

Sagaria 3

Die hoëpriester Jesua

1Die Here het weer vir my iets gewys. Die hoëpriester Jesua het voor die Engel van die Here gestaan, en die Satan het regs langs Jesua gestaan. Die Satan het vir Jesua beskuldig.

2Die Here het vir die Satan gesê: “Ek sal jou straf. Ek het gesê Jerusalem is my stad. Ek het hierdie man, Jesua, gered soos iemand ’n stuk hout red uit die vuur wanneer dit al klaar begin brand het.”

3Jesua het voor die Engel gestaan en sy klere was baie vuil.

4Die Here het vir die engele wat voor Hom gestaan het, gesê: “Trek uit Jesua se vuil klere.” En Hy het vir Jesua gesê: “Ek het nou jou sonde vergewe. Hulle mag nou vir jou nuwe klere aantrek.”

© Bible Society of South Africa.

5Ek, Sagaria, het toe gesê: “Julle moet ’n skoon tulband op sy kop sit.” Hulle het toe ’n skoon tulband op Jesua se kop gesit en hulle het ander klere vir hom aangetrek. Die Engel van die Here het daar gestaan

6en Hy het ernstig gepraat met Jesua.

7Hy het vir Jesua gesê die Here wat oor alles regeer, sê: “As jy lewe soos Ek wil hê, en as jy doen wat Ek gesê het, dan sal jy oor my tempel regeer. Jy sal kyk dat alles daar reg is. Dan mag jy ook na My toe kom, soos die engele wat hier by My staan.

8“Hoëpriester Jesua, jy en jou vriende wat voor jou sit, moet luister na wat Ek sê. Julle is die tekens van die dinge wat sal gebeur: Ek sal nou my dienaar bring, sy naam is Loot.

9“Ek sit ’n klip hier voor Jesua. Daar is sewe oë op die een klip. Ek sal op die klip skryf dat Ek op een dag die sonde van al die mense in die land sal vergewe.

10Op daardie dag sal elkeen onder sy vyeboom en sy wingerdstok sit en hulle sal mekaar uitnooi om te kom sit.”

Sagaria 4

Die lampstaander en die twee olyfbome

1Die engel wat vir my moes sê wat alles beteken, het teruggekom en hy het my wakker gemaak. Hy het my wakker gemaak soos ’n mens iemand wakker maak wat geslaap het.

2Die engel het vir my gevra: “Sagaria, wat sien jy?” En ek het gesê: “Ek sien daar is ’n goue lampstaander. Bo-op die lampstaander is ’n bak en daar is olyf-olie in die bak. Daar is sewe lampe. Die olyf-olie vloei in sewe pypies na die lampe.

3Daar is ook twee olyfbome by die lampstaander, een boom regs en een boom links van die lampstaander.”

4Ek het toe vir die engel gevra: “Meneer, wat beteken dit?”

5En die engel het vir my gevra: “Weet jy nie wat dit beteken nie?” Ek het gesê: “Nee, Meneer.”

6Die engel het vir my gesê: “Sê vir Serubbabel die Here het gesê: Jy moet doen wat Ek vir jou sê om te doen. Maar jy sal dit nie doen omdat jy sterk is nie, jy sal dit doen omdat my Gees by jou is.

7Jy sal die groot berg voor jou plat maak en jy sal die tempel bou. En wanneer jy die laaste klip op sy plek sit, dan sal die mense hard sê: ‘Die Here is goed vir ons in Jerusalem.’ ”

8Die Here het vir my gesê:

© Bible Society of South Africa.

9“Serubbabel se hande het hierdie tempel begin bou, en sy hande sal dit klaarmaak.”
Daardie dag wanneer die tempel klaar is, sal julle weet dat dit die Here is wat my na
julle toe gestuur het, die Here wat oor alles regeer.

10Julle moenie dink dit is nie belangrik dat Serubbabel begin het om die tempel te
bou nie. Almal sal bly wees wanneer hulle sien hy begin die tempel bou. Daardie
sewe oë in die klip voor Jesua is die oë van die Here wat oor die hele aarde kyk.

11Ek, Sagaria, het weer vir die engel gevra: “Wat beteken die twee olyfbome wat
links en regs van die lampstaander is?”

12Ek het ook vir hom gevra: “Wat beteken die olyftakkies? Hulle is vas aan die twee
goue pypies waaruit die olyf-olie vloei.”

13Die engel het vir my gevra: “Weet jy nie wat dit beteken nie?” Ek het gesê: “Nee,
Meneer.”

14En toe sê die engel: “Dit is die twee manne, die Here het hulle met olyf-olie gesalf,
en hulle werk vir die Here, die Here van die hele aarde.”

Sagaria 5

Die boekrol wat vlieg

1Die Here het weer vir my iets gewys. Ek het ’n boekrol gesien wat vlieg.

2Die engel het vir my gevra: “Wat sien jy?” Ek het gesê: “Ek sien ’n boekrol wat vlieg.
Dit is 20 el lank en tien el breed.”

3Die engel het toe vir my gesê: “Die Here het op die boekrol geskryf dat Hy die
mense sal vervloek wat steel en wat dinge belowe wat hulle nie wil doen nie. Dit sal
gebeur, want hulle het nog nie die straf gekry wat hulle moet kry nie.

4Die Here wat oor alles regeer, het gesê: Ek vervloek die mense wat steel en wat
dinge belowe wat hulle nie wil doen nie. Ek sal hulle huise heeltemal verwoes, die
hout en ook die klippe van die huise.”

Die vrou in die mandjie

5Die engel wat vir my moes sê wat alles beteken, het na my toe gekom en vir my
gesê: “Kyk daar. Wat sien jy?”

6Ek het gevra: “Wat is dit?” Die engel het gesê: “Dit is ’n mandjie.” Die engel het ook
gesê: “Die sonde van al die mense op die aarde is in die mandjie.”

7Die deksel van die mandjie was van lood. Hulle het die deksel opgelig en toe sien ek
daar sit ’n vrou binne-in die mandjie.

8Die engel het gesê: “Dit is die sonde!” Hy het die vrou in die mandjie ingestamp en
hy het die deksel toegemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Ek sien toe daar kom twee vroue. Hulle het vlerke gehad soos groot sprinkaan-voëls. Hulle het die mandjie opgetel en weggevlieg.

10Ek vra toe vir die engel wat vir my moes sê wat alles beteken: “Waarnatoe neem hulle die mandjie?”

11En hy het vir my gesê: “Hulle bou vir die vrou ’n huis in die land Babel. Wanneer die huis klaar is, dan sal hulle die mandjie daar neersit. Dit is waar die vrou moet wees.”

Sagaria 6

Die vier oorlogkarre

1Die Here het weer vir my iets gewys. Ek het vier oorlogkarre gesien. Die oorlogkarre het tussen twee berge uitgekom. Die berge was van koper.

2Voor die eerste oorlogkar was rooi perde, en voor die tweede oorlogkar was swart perde.

3Voor die derde oorlogkar was wit perde, en voor die vierde oorlogkar was grys perde.

4Ek vra toe vir die engel wat vir my moes sê wat alles beteken: “Meneer, wat beteken dit?”

5Die engel het vir my gesê: “Die oorlogkarre kom van die Here van die hele aarde, en nou gaan hulle na die noorde, die suide, die ooste en die weste.

6Die kar met die swart perde gaan na die land in die noorde, en die kar met die wit perde gaan ook daarnatoe. Die kar met die grys perde gaan na die land in die suide.”

7Die grys perde wou oral op die aarde gaan, en die engel het gesê: “Gaan! Gaan oral op die aarde!” Hulle het toe na al die plekke op die aarde gegaan.

8Die engel het vir my geskree en gesê: “Kyk, die oorlogkar wat na die land in die noorde gaan, neem die Gees van die Here saam na daardie land.”

Serubbabel en Jesua sal saam regeer

9Die Here het vir my gesê:

10“Jy moet goud en silwer kry by Geldai en Tobija en Jedaja. Hulle het teruggekom uit die land Babel. Jy moet na die huis van Josia gaan. Josia is die seun van Sefanja. Hy het ook uit Babel teruggekom.

11Jy moet die goud en silwer neem en jy moet ’n kroon maak. Dan moet jy die kroon sit op die kop van die hoëpriester Jesua seun van Josadak.

12“Jy moet vir hom sê die Here wat oor alles regeer, sê: Daar sal ’n man kom, sy naam is Loot. Hy sal die leier word en hy sal die tempel van die Here bou.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Ja, dit is hy wat die tempel sal bou. Hy sal ’n belangrike man wees. Hy sal op
die troon sit en hy sal regeer. Die priester sal saam met hom regeer, en hulle twee
sal goed saamwerk.

14Die kroon moet in die tempel bly, dan sal almal wat die kroon sien, dink aan Geldai,
aan Tobija, aan Jedaja en aan die seun van Sefanja.

15Mense sal van ver plekke kom en hulle sal help om die tempel te bou.” Wanneer
dit gebeur, dan sal julle weet dat die Here vir my, Sagaria, gestuur het. Hy is die Here
wat oor alles regeer. Maar dit sal net gebeur as julle goed luister na wat julle God die
Here vir julle sê.

Sagaria 7

Ek sal ’n stormwind stuur

1Die Here het weer met Sagaria gepraat. Dit was in die vierde jaar nadat Darius
koning geword het, op die vierde dag van die negende maand, die maand Kislef.

2Die mense van die stad Bet-El het vir Sar-Eser en Regem-Melek en sy manne gestuur
om vir die Here ’n offer te bring

3in die tempel van die Here wat oor alles regeer. Hulle moes dan vir die priesters en
die profete vra: “Moet ons nog in die vyfde maand huil en vas, soos ons altyd
gedoen het?”

4Die Here het toe vir my gesê:

5“Sê vir al die mense in die land en vir die priesters: Julle het 70 jaar lank in die vyfde
en in die sewende maand gevas en getreur. Maar hoekom het julle dit gedoen? Het
julle gevas en getreur om My te eer? Nee.

6En wanneer julle nie vas nie, maar eet en drink, hoekom doen julle dit? Julle eet en
drink omdat julle honger en dors is.

7Kan julle onthou wat Ek gesê het toe Ek voorheen die profete na julle toe gestuur
het? Dit was toe daar nog mense in Jerusalem gewoon het, en in die stede rondom
Jerusalem, en in die Suid-land en die Laeveld.”

8Die Here het vir Sagaria gesê:

9“Ek, die Here wat oor alles regeer, het daardie tyd gesê: Julle moet reg doen aan
mekaar, julle moet lief wees vir mekaar en julle moet goed wees vir mekaar.

10Julle moenie weduwees en weeskinders verdruk nie, ook nie vreemdelinge en
mense wat hulleself nie kan help nie. En julle moenie planne maak om slegte dinge
aan mekaar te doen nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11“Maar die mense wou nie luister nie. Hulle was hardkoppig, hulle het hulle ore toegedruk, want hulle wou nie hoor wat Ek sê nie.

12Hulle harte was so hard soos klippe. Hulle wou nie luister na die wette van die Here nie. Hulle was ongehoorsaam aan die boodskap wat my Gees vir hulle gebring het. Dit is die boodskap wat die profete van daardie tyd vir hulle gebring het. Daarom het Ek, die Here wat oor alles regeer, kwaad geword. “Ek het gesê:

13Ek het hulle geroep, maar hulle het nie geluister nie. Nou sal Ek nie luister wanneer hulle roep nie.

14Ek sal ’n stormwind stuur, en die wind sal hulle jaag na ander volke toe, volke wat hulle nie geken het nie. Die vyande sal die land verwoes en niemand sal deur die land gaan nie. Dit was ’n baie mooi land, maar my volk het dit verwoes.”

Sagaria 8

Dit sal nou goed gaan met die mense wat nou nog lewe

1Die Here wat oor alles regeer, het met Sagaria gepraat.

2Hy het gesê: “Ek is baie lief vir die stad Jerusalem, en Ek is baie kwaad vir die vyande wat Jerusalem verwoes het.

3En nou sê Ek: Ek sal terugkom na Jerusalem en Ek sal weer daar woon. Die mense sal sê Jerusalem is die stad waar die mense doen wat die Here wil hê, en hulle sal sê die berg van die Here wat oor alles regeer, is die gewyde berg.”

4Die Here wat oor alles regeer, sê: “Daar sal weer ou mans en ou vroue sit op die oop plekke in Jerusalem, en hulle sal almal hulle kieries in hulle hand vashou omdat hulle baie oud geword het.

5En kinders sal oral op die oop plekke in Jerusalem speel.”

6Die Here wat oor alles regeer, sê: “Die mense wat in daardie tyd nog lewe, sal miskien dink dit kan nie gebeur nie. Moet Ek dan ook dink dit kan nie gebeur nie? Nee.”

7Die Here wat oor alles regeer, sê: “Ek sal my volk red uit die lande waar hulle nou woon, die lande in die ooste en die lande in die weste.

8Ek sal hulle terugbring, en hulle sal in Jerusalem woon. Hulle sal my volk wees, en net Ek sal hulle God wees. Ek sal sorg dat alles reg is tussen My en hulle.”

9Die Here wat oor alles regeer, sê: “Julle moenie nou moedeloos wees nie. Julle het gehoor wat die profete gesê het toe die mense begin het om my tempel te bou.

10Voorheen was daar nie geld om mense of diere te huur om die werk te doen nie, en niemand was veilig in die stad nie, want Ek het vyande gestuur.

© Bible Society of South Africa.

11-12Maar Ek sal dit nie nou weer doen nie. Dit sal nou goed gaan met die mense wat nog lewe. Daar sal druiwe wees aan die wingerdstokke en koring op die lande. Die dou uit die lug sal die grond natmaak. Ek sal dit alles gee vir die mense wat nog lewe.

13Mense van Juda en Israel, almal het geweet dat die Here julle vervloek het. Nou sal Ek, die Here, julle red, en almal sal weet die Here seën julle. Julle moenie bang wees nie, julle moenie moedeloos wees nie."

14Ja, die Here wat oor alles regeer, sê: "Toe julle voorvaders My kwaad gemaak het, het Ek besluit om julle te laat swaarkry. Ek het besluit Ek sal nie jammer wees vir julle nie.

15Maar nou besluit Ek dat Ek goed sal wees vir die mense van Jerusalem en vir die mense van Juda. Julle moenie bang wees nie.

16"Julle moet nou ook al hierdie dinge doen: Julle moet die waarheid praat met mekaar. Wanneer julle in die poort moet vertel wat gebeur het, dan moet julle die waarheid praat, en wanneer julle in die poort moet besluit oor die mense wat daar kom, dan moet julle reg besluit.

17"Julle moenie planne maak om dit sleg te laat gaan met ander mense nie. Julle moenie dinge belowe wat julle nie wil doen nie, want dit is iets wat Ek haat," sê die Here.

Ons het gehoor God is by julle

18Die Here wat oor alles regeer, het met my gepraat.

19Hy het gesê: "Die mense van Juda het gevas in die vierde maand, of in die vyfde maand, of in die sewende maand, of in die tiende maand. Maar nou sal hulle op daardie dae bly wees en feesvier en bymekaarkom. Hulle sal die waarheid praat met mekaar en hulle sal lief wees vir mekaar."

20Die Here wat oor alles regeer, sê: "Daar sal nog iets gebeur: Mense sal kom, hulle sal uit baie stede kom.

21Die mense van een stad sal na 'n ander stad gaan en sê: 'Kom ons gaan bring 'n offer vir die Here, die Here wat oor alles regeer. Kom ons gaan vra wat Hy wil hê ons moet doen. Ek wil ook gaan.'

22Baie volke, volke wat groot en sterk is, sal na Jerusalem kom om vir My te vra wat Ek wil hê hulle moet doen, en hulle sal vir My 'n offer bring, vir My, die Here wat oor alles regeer."

23Die Here wat oor alles regeer, sê: "Mense van die baie ander volke sal vashou aan die klere van die mense van Juda. Tien manne sal vashou aan een man se klere en sê: 'Ons wil saam met julle gaan, want ons het gehoor God is by julle.' "

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Sagaria 9

Die Here sal die ander volke straf

1Die Here het met Sagaria gepraat. Die Here praat kwaai met die mense van die land
Gadrak en die mense van die stad Damaskus. Die Here sien nie net wat die stamme
van Israel doen nie, Hy sien wat al die mense doen.

2Hy kyk ook na die land Hamat langs Damaskus, en na die stede Tirus en Sidon. Hy
doen dit omdat daardie mense dink hulle is baie slim.

3Die mense van Tirus het sterk mure om hulle stad gebou en hulle het baie ryk
geword. Hulle het baie silwer en goud bymekaargemaak, so baie soos die stof en die
modder in die strate.

4Die Here sal nou al die goed vat wat die mense van die stad het. Hy sal die skepe
van die stad Tirus verwoes.

5Die mense van die stede Askelon en Gasa sal sien wat gebeur met Tirus. Hulle sal
bang word en groot skrik. Die mense van die stad Ekron sal ook skrik, want hulle sal
sien dat niks en niemand hulle kan help nie. Die stad Gasa sal nie meer ’n koning hê
nie, en daar sal nie meer mense in Askelon woon nie.

6In die stad Asdod sal nou ander mense woon. Die Here sê: “Ek sal alles wegvat wat
die Filistyne hoogmoedig gemaak het.

7Hulle sal nie meer ete-offers vol bloed vir hulle afgode bring nie. Die Filistyne wat
nog lewe, sal ook aan ons God behoort. Hulle sal soos familie wees vir die mense
van Juda. Dit sal met die mense van Ekron gaan soos met die Jebusiete, wat ook
saam met die mense van Juda gewoon het.

8Die Here sê Hy sal sy tempel beskerm. Daar sal nie meer ander volke in die stad
Jerusalem kom nie, niemand sal die mense van Jerusalem verdruk nie, want die Here
self sorg vir hulle.”

Daar sal ’n koning kom

9Die Here sê: “Mense van Jerusalem, julle moet baie bly wees en juig, want dit is julle
koning wat nou na julle toe kom. Hy is regverdig, en Ek help hom altyd. Hy is nie ’n
belangrike man nie, en hy ry op ’n jong donkie.

10Ek sal die oorlogkarre verwoes en die perde doodmaak. Ek sal die pyl en boog
stukkend breek, die mense van Efraim en Jerusalem maak oorlog daarmee. Dan sal
die koning vrede maak met die ander volke. Hy sal oor hulle regeer, van die een see
tot by die ander see, van die Eufraat-rivier en verder, oor die hele aarde.”

Die Here sal sy volk red

11Die Here sê ook: “My volk, Ek het ’n verbond gemaak met julle en bloed op julle
gegooi. Daarom sal Ek julle mense nou terugstuur. Ander volke het hulle gevang en

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

na ander lande gevat en hulle in putte gegooi wat leeg is. Ek sal hulle nou terugstuur na julle toe.

12Ek sal vir hulle sê: ‘Julle wat aangehou hoop het dat Ek julle sal help, julle kan nou uitkom, julle kan terugkom na julle stad wat die sterk mure het.’ Nog meer, Ek belowe vandag dat Ek vir my volk twee maal meer sal gee as wat hulle gehad het.

13Ja, my volk moet terugkom, want hulle moet my wapens wees teen die Grieke. Die mense van Juda en Jerusalem sal my pyl en boog en my swaard wees, Ek sal hulle gebruik om oorlog te maak.”

14Die Here sal bokant sy volk verskyn en Hy sal sy pyle skiet soos weerlig. Die Here sal die ramshoring blaas en Hy sal kom in ’n stormwind uit die suide.

15Die Here wat oor alles regeer, sal sy volk beskerm. Hy sal sy slingervel gebruik en hy sal sy vyande oorwin. Die klippe uit sy slingervel sal vol bloed word, so vol bloed soos die bakke by die altaar en soos die hoeke van die altaar. Die vyande sal die klippe hoor aankom en dit sal wees soos wanneer wyn borrel.

16Die Here is die God van sy volk, en hulle behoort aan Hom. Hy sal daardie dag kom om sy volk te red, en hulle sal in sy land woon. Hulle sal lyk soos mooi blink edelstene in ’n koning se kroon.

17Dit sal goed gaan in die land, die land sal mooi wees. Daar sal baie koring en wyn wees, en dit sal die jongmans en die meisies sterk en gesond maak.

Sagaria 10

Die Here belowe Hy sal sy volk laat terugkom

1Wanneer julle reën nodig het, maar dit reën nie, dan moet julle vir die Here reën vra. Dit is die Here wat die wolke vol water maak sodat dit hard kan reën. Dit is Hy wat reën gee vir die plante in die veld.

2Ja, julle moenie glo wat die afgodsbeelde sê nie, hulle woorde beteken niks en die mense wat dink hulle weet wat ander mense nie kan weet nie, lieg vir julle. Hulle sê hulle het gedroom en hulle sê dit sal reën, maar dit is nie waar nie, daar gebeur niks. Julle het vir die afgodsbeelde en vir daardie mense gevra wat sal gebeur. Daarom kry julle swaar soos skape wat verdwaal het omdat hulle nie ’n wagter het nie.

3Die Here sê Hy is kwaad vir die leiers van die volk en Hy sal hulle straf omdat hulle verkeerd gedoen het. Ja, die mense van Juda is die skape van die Here wat oor alles regeer, en Hy het hulle gestraf. Maar hulle sal nou die Here se perde wees en Hy sal trots wees op hulle. Hy sal hulle gebruik om oorlog te maak.

4Daar sal nou leiers uit Juda kom wat sterk is. Hulle sal so sterk wees soos hoek-klippe en tentpenne. Die Here sal hulle gebruik om oorlog te maak soos ’n mens ’n

© Bible Society of South Africa.

pyl en boog gebruik. Die vyande wat die mense van Juda verdruk het, sal nou moet vlug.

5Die nuwe leiers sal sterk wees soos soldate wat op die vyande trap, soos ’n mens trap op modder in die strate. Die nuwe leiers van Juda sal oorlog maak teen hulle vyande, want die Here is by hulle. Hulle sal ook die vyande wat op perde ry, laat vlug.

6Die Here sê: “Ek sal die mense van Juda sterk maak, maar Ek sal ook die mense van Israel, die nageslag van Josef, help. Ek sal hulle laat terugkom, Ek sal weer goed wees vir hulle. Dit sal lyk of Ek hulle nooit gelos het nie. Ek sal dit doen, want Ek is hulle God die Here. Ek sal luister na hulle gebede.

7Die mense van Efraim sal soos goeie soldate wees. Hulle sal bly wees soos mense wat wyn gedrink het. Hulle kinders sal sien wat Ek gedoen het, en hulle sal ook bly wees.

8Ek sal vir die mense van Efraim fluit om hulle te roep en Ek sal hulle bymekaarmaak. Ja, Ek sal hulle red, en hulle sal weer so baie wees soos voorheen.

9Ek het hulle weggevat en Ek het hulle tussen ander volke laat woon. Hulle was ver weg in ander plekke, maar hulle het aan My gedink. Daarom sal hulle en hulle kinders lewe, en hulle sal terugkom.

10Ek sal hulle bymekaarmaak en terugbring uit Egipte en Assirië, Ek sal hulle bring na die land Gilead en die Libanon-berg. Daar sal nie genoeg plek wees vir hulle nie.

11Hulle sal deur die water gaan waar dit nie breed is nie. Hulle sal op die branders slaan, en die Nyl-rivier sal droog word, ook die diep plekke in die rivier. Dan sal die mense van Assirië nie hoogmoedig wees nie, en die Egiptenaars sal nie regeer nie.

12Die mense van Efraim sal sterk wees omdat Ek by hulle is. Mense sal sien hulle behoort net aan My.” Dit sê die Here.

Sagaria 11

Die Here sal die volke rondom Juda straf

1Libanon-berg, maak oop jou deure, sodat die vuur kan inkom en jou sederbome kan afbrand.

2Die sipresboom moet huil, want die sederboom het omgeval en die mooiste bome het afgebrand.

3Die skaapwagters huil, want die mooi veld waar die skape wei, het afgebrand. Die leeus brul, want die bosse by die Jordaan-rivier het afgebrand.

4My God die Here het gesê: “Jy moet die slagskape oppas.

© Bible Society of South Africa.

5Die mense wat die skape gekoop het, slag hulle en die mense is nie jammer daaroor nie. Die mense wat die skape verkoop, sê: 'Prys die Here, ons word ryk.' Die skaapwagters is ook nie jammer vir die skape nie."

6Die Here sê: "Ja, Ek sal nou ook nie meer jammer wees vir al die mense in die land nie. Ek laat hulle nou doen wat hulle wil met mekaar en Ek laat hulle koning doen wat hy wil met hulle. Hulle sal die land verwoes, en Ek sal niemand red nie."

7Ek, Sagaria, het toe die slagskape opgepas vir die mense wat hulle koop en verkoop. Ek het twee kieries geneem en ek het die skape opgepas. Ek het die een kierie "Vriendelikheid" genoem en die ander kierie "Saamwees."

8Ek het in die eerste maand drie skaapwagters weggejaag. Maar ek het ongeduldig geword met die skape, en hulle het ook nie van my gehou nie.

9Ek het toe gesê: "Ek sal julle nie oppas nie. Dit maak nie saak nie: Die skape wat wil vrek, moet vrek, en die skape wat wil verdwaal, moet verdwaal. As daar skape oorbly, dan kan hulle mekaar opvreet."

10Ek neem toe my een kierie, Vriendelikheid, en ek breek dit. Die Here het gesê Hy sal sy verbond ook so breek, die verbond wat Hy met al die volke gemaak het.

11Die verbond het daardie dag gestop. Die mense wat die skape koop en verkoop, het gesien wat ek doen, en hulle het geweet die Here praat met hulle.

12Ek het vir hulle gesê: "Julle moet my betaal, maar as julle nie wil betaal nie, los dit." Hulle het my toe 30 stukke silwer gegee.

13Hulle het gedink dit is hoeveel ek moet kry. Die Here het toe vir my gesê: "Gooi die silwer vir die man wat dit kan smelt." Ek het die 30 stukke silwer geneem en ek het dit in die tempel vir die man gegooi wat silwer smelt.

14Daarna het ek my ander kierie, Saamwees, gebreek om te wys dat die mense van Juda en Israel nie meer saam sal wees nie.

15Die Here het toe vir my gesê: "Jy moet weer vir jou kieries neem om skape op te pas, maar jy moet dit nou doen soos 'n skaapwagter wat nie weet hoe om skape op te pas nie.

16Want Ek sal nou 'n skaapwagter kies en aanstel hier in die land. Hy sal nie bekommerd wees oor die skape wat wegraak nie. Hy sal nie die lammers soek nie, hy sal nie die skape help wat seergekry het nie, en hy sal nie die gesonde skape oppas nie. Hy sal die vet skape op-eet en ook hulle pote.

17Dit sal sleg gaan met die skaapwagter wat nie weet hoe om sy skape op te pas nie en wat die skape alleen los. 'n Swaard sal in sy arm en ook in sy regter-oog steek. Sy arm sal heeltemal gebreklik word, en sy regter-oog sal heeltemal blind word."

Sagaria 12

© Bible Society of South Africa.

Die Here sê wat Hy sal doen met die ander volke

1Die Here het gepraat. Die Here het oor Israel gepraat. Dit is die Here wat die hemel
en die aarde gemaak het, en Hy het die gees van die mens gemaak soos dit is. Die
Here sê:

2"Ek sal Jerusalem nou maak soos 'n beker wyn. Al die volke rondom Israel sal
daarvan drink en hulle sal val soos dronk mense. Die mense van Juda sal ook
swaarkry wanneer die vyande Jerusalem aanval van al die kante.

3"Dit is wat sal gebeur: Daardie dag sal Ek Jerusalem soos 'n groot klip laat word vir al
die volke. Elkeen wat die klip wil optel, sal baie seerkry. Al die volke van die aarde sal
probeer om oorlog te maak teen Jerusalem,

4maar daardie dag sal Ek die perde laat skrik. Die manne wat op die perde ry, sal nie
weet wat om te doen nie. Ek sal die mense van Juda beskerm, maar Ek sal die ander
volke se perde blind laat word.

5Dan sal die leiers van Juda dink: Die mense van Jerusalem kan so goed oorlog maak
omdat die Here hulle help, die Here wat oor alles regeer.

6"Daardie dag sal Ek dit so laat gebeur dat die leiers van Juda soos vuur onder hout
is, of soos vuur tussen droë koring-gerwe. Hulle sal die ander volke rondom hulle
doodmaak, en die mense van Jerusalem sal bly waar hulle was.

7Ek sal die mense van Juda eerste red. Ek sal dit doen, want dan sal die koning van
die nageslag van Dawid en die mense van Jerusalem nie dink hulle is beter as die
mense van Juda nie.

8"Daardie dag sal Ek die mense beskerm wat in Jerusalem woon. Die swakste mens in
Jerusalem sal soos koning Dawid wees, en die koning sal wees soos 'n engel uit die
hemel. Dit sal lyk of die Engel van die Here voor hulle loop.

9"So sal Ek daardie dag begin om al die volke dood te maak wat altyd kom oorlog
maak teen Jerusalem.

10Maar Ek sal die nageslag van koning Dawid en die mense van Jerusalem laat
jammer word oor wat hulle gedoen het. Hulle sal na My toe opkyk en bid. Hulle sal
huil en treur oor die man wat hulle doodgesteek het met 'n spies. Hulle sal oor hom
treur en huil soos iemand wat treur oor sy enigste kind wat dood is. Hulle sal huil oor
hom soos iemand wat huil oor sy oudste kind wat dood is.

11"Daardie dag sal die mense in Jerusalem so baie treur soos die mense in die
Megiddo-vallei treur oor die afgod Hadad-Rimmon.

12Al die mense in die land sal treur. Elke familie sal treur, al die mans saam, en al die
vroue saam. Die nageslag van Dawid sal treur, ook die nageslag van Natan,

13die nageslag van Levi, die nageslag van Simeï,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14en al die ander families sal saam treur.”

Sagaria 13

Daar sal nie vals profete wees nie

1Daardie dag sal daar ’n fontein wees waar die nageslag van Dawid en die mense van Jerusalem hulle sonde en onreinheid kan afwas.

2Die Here wat oor alles regeer, sê: “Daardie dag sal Ek die name van die afgode laat verdwyn. Niemand in die land sal weer aan die afgode dink nie. Ek sal ook die profete en almal wat onrein is, wegvat uit die land.

3As daar nog iemand is wat ’n profeet wil wees, dan sal sy eie ouers, sy pa en sy ma, vir hom sê: ‘Jy mag nie lewe nie, want jy vertel leuens en dan sê jy die Here het jou gestuur.’ “Sy eie ouers, sy pa en sy ma, sal hom doodsteek omdat hy ’n profeet wil wees.

4“Elke profeet sal daardie dag skaam wees omdat hy gesê het die Here het vir hom gewys wat sal gebeur. Hy sal ophou om klere aan te trek wat mense laat dink hy is ’n profeet. Hy sal nie ’n rok aantrek van bokhaar-materiaal nie.

5Hy sal sê: ‘Ek is nie ’n profeet nie, ek is ’n boer. Ja, ek werk in my eie grond vandat ek jonk was.’

6En as iemand vir hom vra: ‘Hoekom het jy stukkende plekke op jou bors?’ dan sal hy sê: ‘Iemand het my so geslaan toe ek by vriende gekuier het.’ ”

Ek sal sê: Hulle is my volk

7Die Here wat oor alles regeer, sê: “Swaard, jy moet kom, jy moet die skaapwagter doodsteek wat naby My is. Jy moet die skaapwagter doodsteek, dan sal die skape weghardloop van mekaar. Dan sal Ek die lammers ook doodmaak.

8Die skape is my volk. Twee derdes van die mense in die hele land sal sterf, maar een derde van hulle sal oorbly.

9En Ek sal hierdie een derde wat oorbly, skoonmaak soos ’n mens silwer en goud in vuur smelt en skoonmaak. Dan sal my volk tot My bid, en Ek sal luister na hulle gebed. Ek sal sê: ‘Hulle is my volk,’ en hulle sal sê: ‘Die Here is ons God.’ ”

Sagaria 14

Die dag wanneer God die mense sal oordeel en straf

1Die dag van die Here is baie naby. Alles wat die ander volke gevat het uit Jerusalem, sal terugkom. Die mense in die stad sal besluit wat elkeen moet kry.

2Die Here sal al die volke bymekaarmaak om oorlog te maak teen Jerusalem. Hulle sal die stad oorwin en hulle sal die goed uit die huise vat en die vroue verkrag. Hulle

© Bible Society of South Africa.

sal die helfte van die stad se mense vang en wegvat. Die ander helfte van die mense sal in die stad bly.

3Maar dan sal die Here teen daardie volke oorlog maak soos Hy voorheen gedoen het.

4Die Here sal daardie dag staan op die Olyf-berg wat oos van Jerusalem is, en die Olyf-berg sal oopskeur. Een helfte van die berg sal beweeg na die noorde toe en die ander helfte sal beweeg na die suide toe. Dan sal daar ’n groot kloof wees, van oos na wes.

5Die kloof sal wees tot by die stad Asal. Die mense van Jerusalem sal deur die kloof vlug soos hulle gevlug het toe daar ’n aardbewing was in die tyd toe Ussia die koning van Juda was. Dan sal my God die Here kom, en die engele sal saam met Hom kom.

6Daardie dag sal die son nie in die oggend begin skyn nie, en dit sal nie koud wees nie.

7Dit sal dag bly, daar sal nie dag en nag wees nie, dit sal altyd lig wees, ook wanneer dit aand is. Die Here weet dat dit sal gebeur.

8Daardie dag sal daar uit Jerusalem vars water kom. Een helfte van die water sal na die Dooie See vloei en die ander helfte na die Middellandse See. Die water sal vloei in die somer en in die winter.

9Die Here sal koning wees oor die hele aarde. Hy alleen sal die Here wees, en almal sal net vir Hom aanbid.

10Die hele land sal ’n gelyk veld word, van die stad Geba tot by die stad Rimmon, suid van Jerusalem. Maar Jerusalem sal hoog op dieselfde plek bly, van die Benjamin-poort tot by die plek waar die eerste poort was, van die Hoek-poort en die Gananel-toring tot by die koning se parskuipe.

11Die mense van Jerusalem sal veilig daar woon, en die vyande sal nie weer die stad verwoes nie.

12Die Here sal die volke swaar straf wat oorlog gemaak het teen Jerusalem. Die vleis van hulle liggame sal vrot word terwyl hulle nog lewe, hulle oë sal vrot word in hulle kop, en hulle tonge sal vrot word in hulle monde.

13-15Dieselfde sal gebeur met die perde en muile en kamele en donkies, met al die diere wat in die vyande se kamp is. Die Here sal die vyande daardie dag baie deurmekaar maak, hulle sal mekaar gryp en doodmaak. Ook die mense van Juda sal oorlog maak teen Jerusalem. Maar die mense van Jerusalem sal die goed van al die ander volke rondom hulle bymekaarmaak en vat: baie goud en silwer en klere.

© Bible Society of South Africa.

16Die mense van die volke wat oorlog gemaak het teen Jerusalem, sal nie almal dood wees nie. Al die mense wat nog lewe, sal elke jaar na Jerusalem kom en hulle sal buig voor die Koning, die Here wat oor alles regeer. Hulle sal ook die Hutte-fees vier.

17As die mense uit al die lande op die aarde nie na Jerusalem kom om te buig voor die Koning nie, dan sal hulle lande nie reën kry nie. Hy is die Here wat oor alles regeer.

18As die mense van Egipte nie kom nie, dan sal die Here hulle straf soos Hy al die ander volke straf wat nie gekom het om die Hutte-fees te vier nie.

19So sal die Here die mense van Egipte en al die ander volke straf as hulle nie kom om die Hutte-fees te vier nie. Hulle sal nie reën kry nie.

20Daardie dag sal die mense skryf op die klokkies aan die perde se tuie. Hulle sal skryf: “ Gewy aan die Here.” Die potte in die tempel sal gewy wees, soos die bakke by die altaar.

21Al die potte in Jerusalem sal gewy wees aan die Here wat oor alles regeer. Almal wat wil offer, sal kom en hulle sal party van die potte vat. Hulle sal die vleis vir die ete-offers in die potte kook. Daar sal nie weer iemand in die tempel wees wat goed koop en verkoop nie.

© Bible Society of South Africa.

Maleagi

Maleagi 1

1Die Here het gepraat. Hy het met die Israeliete gepraat. Hy het Maleagi gestuur om vir hulle ’n boodskap te bring.

Ek was lief vir Jakob maar Ek het nie van Esau gehou nie

2Die Here sê: “Israeliete, Ek is lief vir julle. Maar julle vra vir My: ‘Hoe is U lief vir ons?’ ” Die Here sê: “Esau was Jakob se broer. Ek was lief vir Jakob

3maar Ek het nie van Esau gehou nie. Ek het Esau se nageslag, die Edomiete, weggevat van die berge waar hulle gewoon het en Ek het hulle land vir die jakkalse gegee.

4Die Edomiete sê: ‘Ons stede is verwoes, ons huise is nou net hope klippe, maar ons sal weer huise bou.’ “Maar dan sê Ek, die Here wat oor alles regeer: Hulle kan huise bou, maar Ek sal dit weer afbreek. Die mense sal sê die Edomiete se land is die land waar die slegte mense gewoon het, en die Here sal altyd kwaad bly vir hulle.

5Israeliete, julle sal dit self sien, en julle sal sê: ‘Die Here is groot en sterk, ook buite die land Israel.’ ”

Hoekom eer julle My nie?

6Die Here wat oor alles regeer, sê: “’n Seun eer sy pa, en ’n slaaf eer die man aan wie hy behoort. As Ek julle Vader is, hoekom eer julle My nie? As julle aan My behoort, hoekom respekteer julle My nie? Julle priesters het my Naam nie gerespekteer nie. Maar julle vra: ‘Hoe het ons u Naam nie gerespekteer nie?’

7“Julle bring onrein offers na my altaar, en dan vra julle: ‘Hoekom sê U ons dink U is onrein? Wat het ons gedoen?’ “Julle doen dit wanneer julle sê julle respekteer nie die Here se altaar nie.

8Julle bring blinde diere om vir My te offer. Dink julle dit is reg? Dit is verkeerd. Julle offer vir My siek of lam diere. Dit is ook verkeerd. Wat sal gebeur as julle ’n siek of ’n lam dier gaan gee vir iemand wat oor julle regeer? Sal hy daarvan hou en vriendelik wees met julle? Nee.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

9“Julle sê: ‘As God nie vriendelik is met ons nie, dan moet ons iets doen sodat Hy weer vriendelik kan wees met ons.’ “Maar as julle hierdie verkeerde dinge doen, dan sal Hy nie vriendelik wees met julle nie.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

10“Dit sal beter wees as een van julle die tempel se deure toesluit en die vuur op die altaar doodmaak, want dit help niks dat die vuur brand nie. Ek hou nie van julle nie en Ek wil nie ’n offer van julle hê nie.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

11“Al die volke op die hele aarde dien My, en die mense bring oral vir My offers, rein offers. Ja, al die volke dien My.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12“Maar julle wat priesters is, julle eer My nie. Julle sê die altaar van die Here is onrein, en julle respekteer nie die offers op die altaar nie.

13En julle sê dit is harde werk om offers te bring. Julle hou nie daarvan om dit te doen nie.” Dit sê die Here wat oor alles regeer. “Julle bring diere wat julle gesteel het of diere wat nie gesond is nie en julle offer dit vir My. Ek wil dit nie hê nie,” sê die Here.

14“As iemand ’n bul of ’n ram het en hy belowe om dit vir My te offer, maar hy bring ’n os of ’n hamel, dan is hy skelm en Ek vervloek hom. Ek is die Groot Koning, en al die volke eer My.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

Maleagi 2

Julle was nie gehoorsaam nie

1-2Die Here wat oor alles regeer, sê: “ Priesters, Ek het gesê julle moet My eer. Ek het gesê as julle nie gehoorsaam is nie, dan sal Ek julle vervloek, Ek sal julle nie meer seën nie. Julle was nie gehoorsaam nie, daarom het Ek opgehou om julle te seën.

3Julle sal nie meer kinders kan kry nie en julle sal onrein word. Ek sal die mis uit die diere se pense in julle gesigte gooi, die diere wat julle vir My offer. Die mense sal julle wegdra na die vuilgoedhoop, en julle sal onrein wees.

4Dan sal julle weet Ek het gesê wat julle moet doen. Dit was my verbond met Levi, julle voorvader.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

5“Ek het ’n verbond met Levi gemaak. Ek het belowe dat hy lank sal lewe en dat dit goed sal gaan met hom. Ek het dit alles vir hom gegee, en hy het My gedien en My geëer.

6Hy het vir die mense geleer wat Ek wil hê hulle moet doen. Hy het vir hulle reg geleer, nie verkeerd nie. Hy het naby My gelewe en gedoen wat Ek wil hê hy moet doen. Hy het baie mense gehelp om hulle sonde te los.

7Ja, ’n priester moet weet wat om te sê. Hy moet vir die mense sê wat is reg en wat is verkeerd, want hy bring vir hulle die boodskap van die Here wat oor alles regeer.

8Maar julle wat priesters is, julle volg My nie meer nie. Julle het vir baie mense geleer om verkeerd te doen. Julle het die verbond gebreek wat Ek met Levi gemaak het.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

9“Ek sal julle nou straf. Die mense sal julle nie meer respekteer nie, want julle was nie gehoorsaam aan My nie. Party mense het verkeerd gedoen, maar julle het gesê hulle het reg gedoen.”

Die mense van Juda het nie gedoen wat hulle belowe het nie

© Bible Society of South Africa.

10Ons het almal een Vader, een God het ons almal gemaak! Hoekom doen mense nie
wat hulle vir mekaar belowe het nie en hoekom breek hulle die verbond wat God
met ons voorvaders gemaak het?

11Die mense van Juda het nie gedoen wat hulle belowe het nie. Hulle het ’n baie
verkeerde ding gedoen in die land Israel, in Jerusalem. Ja, hulle het die Here
se tempel ontwy, die Here is lief vir die tempel. Mans het getrou met vroue
wat gode van ander volke dien.

12Die Here sal elkeen wat dit doen, afsny van die Israeliete. Hy sal nie meer offers
vir die Here kan bring nie, die Here wat oor alles regeer.

13Julle doen nóg iets wat verkeerd is: Julle staan en huil by die altaar van die Here,
omdat Hy nie meer julle offers wil hê nie.

14En julle vra: “Hoekom wil U nie meer ons offers hê nie?” Dit is omdat die Here
weet julle het nie gedoen wat julle belowe het toe julle met julle vroue getrou het
nie. Elke man het belowe sy vrou sal sy maat wees wat altyd by hom sal bly, maar
julle het nou julle beloftes gebreek.

15God het jou en jou vrou so gemaak dat julle soos een mens moet wees. God maak
die liggaam en die gees van die mens. Hoekom? Omdat God wil hê julle moet kinders
kry wat Hom dien. Julle moenie julle beloftes breek wat julle aan julle vroue gemaak
het nie.

16Die Here, die God van die Israeliete, sê Hy haat dit wanneer mans van hulle vroue
skei. Die Here wat oor alles regeer, sê Hy haat dit wanneer mans wreed is met hulle
vroue. Julle moet doen wat julle vir julle vroue belowe het.

Julle het die Here moeg gemaak

17Die Here is moeg om te hoor wat julle sê. Maar julle vra: “Wat het ons gesê wat die
Here moeg gemaak het?” Julle het Hom moeg gemaak toe julle gesê het: “Die Here
hou van mense wat verkeerd doen,” en toe julle gevra het: “Waar is die God wat
moet kyk dat mense reg doen?”

Maleagi 3

Wanneer die Here kom

1Die Here wat oor alles regeer, sê: “Ek sal iemand stuur om vir julle ’n boodskap te
bring. Hy sal vir My die pad gereedmaak. Julle soek die Here, en Hy sal gou na
sy tempel kom. Julle wag vir die Engel wat ’n verbond gemaak het met julle. Dit is
Ek, en Ek sal nou kom.”

2Maar wanneer die Here kom, dan sal niemand kan aanhou lewe nie. Hy is soos die
vuur waarin hulle die klip smelt om goud en silwer te kry. Hy is soos die seep wat
klere skoonmaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Die Here sal die Leviete straf oor hulle sonde en Hy sal hulle skoonmaak soos iemand wat goud of silwer smelt en dit skoonmaak. Die Here sal vir hulle leer om vir Hom offers te bring soos Hy dit wil hê.

4Dan sal die Here weer hou van die offers van die mense van Juda en Jerusalem, soos voorheen, soos jare gelede.

Kom terug na My toe

5Die Here wat oor alles regeer, sê: “Ek sal na julle toe kom om te sê wie is reg en wie is verkeerd. Ek sal die mense straf wat My nie eer nie. Hulle is mense wat toor, mense wat egbreuk pleeg, mense wat belowe maar wat nie wil doen wat hulle belowe nie, mense wat hulle werkers en weduwees en weeskinders verdruk, mense wat nie reg doen aan mense uit ander lande wat by hulle woon nie, mense wat My nie eer nie.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

6“Ek, die Here, het nie verander nie, daarom het Ek julle nie almal doodgemaak nie, julle Israeliete wat die nageslag van Jakob is.

7Van die tyd toe julle voorvaders gelewe het, was julle nie gehoorsaam nie, julle het nie gedoen wat Ek vir julle gesê het nie.” Die Here wat oor alles regeer, sê: “Kom terug na My toe, dan sal Ek terugkom na julle toe. Maar julle vra: ‘Hoe moet ons terugkom?’ ”

Julle steel van My

8Die Here vra vir julle: “Mag ’n mens iets van God steel? Julle steel van My, maar julle vra: ‘Hoe het ons van U gesteel?’ Julle steel wanneer julle nie al die tiendes en die presente bring wat julle moet gee nie.

9Ek het opgehou om julle te seën, maar julle hou aan om van My te steel. Al die Israeliete doen dit.”

10Die Here wat oor alles regeer, sê: “Julle moet al julle tiendes na die tempel bring sodat daar kos in my tempel kan wees. Julle moet My toets en kyk of Ek julle sal seën. Ek sal die vensters van die hemel oopmaak en vir julle baie reën gee, meer as genoeg.

11Ek sal die sprinkane wegjaag sodat hulle nie meer julle koring opvreet nie, en die druiwe in julle wingerde sal nie meer afval nie.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

12“Al die volke sal dink dat julle gelukkige mense is, want julle sal ’n wonderlike land hê. Die ander mense sal graag julle land wil hê.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

Daar was ’n boek voor die Here

13Die Here sê: “Julle het lelike dinge van My gesê. Maar julle vra: ‘Wat het ons van U gesê?’

14Julle het gesê: ‘As ’n mens vir God dien, dan help dit niks. Het dit gehelp toe ons gehoorsaam was en alles gedoen het wat God gesê het? Nee. Het dit gehelp toe ons

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

gewys het ons is jammer oor wat ons gedoen het en toe ons geloop het soos mense wat by ’n begrafnis treur? Nee. Dit het ons gedoen vir die Here wat oor alles regeer.

15Nou dink ons die hoogmoedige mense is gelukkig, ons dink dit gaan goed met die mense wat verkeerd doen. Hulle is opstandig teen God en God straf hulle nie.’ ”

16Die mense wat die Here eer, het toe daaroor met mekaar gepraat, en die Here het gehoor wat hulle sê. Daar was ’n boek voor die Here. Hy het in die boek al die name geskryf van die mense wat Hom eer.

17Die Here wat oor alles regeer, sê: “Hierdie mense sal Myne wees op daardie dag wanneer Ek doen wat Ek wil doen. Hulle sal aan My behoort. Ek sal hulle nie straf nie, soos ’n pa sy seun nie straf as hy gehoorsaam is aan hom nie.

18Dan sal julle sien wie doen reg en wie doen verkeerd, julle sal sien wie dien God en wie dien Hom nie.”

Maleagi 4

Die dag is nou naby

1Die Here wat oor alles regeer, sê: “Die dag is nou naby, en die dag brand soos ’n vuur. Al die hoogmoedige mense en almal wat verkeerd doen, sal soos kaf wees, en op daardie dag sal hulle verbrand. Daar sal niks van hulle oorbly nie.

2Maar die son sal skyn oor julle wat My eer. Die son se strale sal julle red en julle gesond maak. Julle sal vry word en rondspring soos kalwers wat genoeg kos gekry het.

3Op daardie dag wanneer Ek doen wat Ek wil doen, sal julle op die slegte mense trap. Hulle sal wees soos kaf wat verbrand het.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

Ek sal die profeet Elia na julle toe stuur

4Die Here sê: “Julle moet onthou wat my dienaar Moses vir julle geleer het. Ek het vir hom al die wette gegee op Sinai-berg, en die wette is vir al die Israeliete.

5Maar Ek sal die profeet Elia na julle toe stuur voordat daardie groot dag van die Here kom, die dag wanneer almal bang sal wees.

6Elia sal die pa’s en hulle kinders weer bymekaar bring. Hulle sal weer lief wees vir mekaar. As dit nie gebeur nie, dan sal Ek kom om die mense op die aarde te straf.”

© Bible Society of South Africa.

Afrikaans - All Bible
(Bybel vir almal)

NUWE TESTAMENT

Matteus

Matteus 1

Jesus se voorouers

(Ook Luk 3:23-38)

1Hier is ’n lys van die name van Jesus Christus se voorouers. Jesus was die Seun van Dawid, en die Seun van Abraham.

2Abraham was die pa van Isak, Isak die pa van Jakob, en Jakob die pa van Juda en sy broers.

3Juda was die pa van Peres en Serag, en hulle ma was Tamar. Peres was die pa van Gesron, en Gesron die pa van Ram.

4Ram was die pa van Amminadab, en Amminadab die pa van Nagson, en Nagson die pa van Salmon.

5Salmon was die pa van Boas, en Boas se ma was Ragab. Boas was die pa van Obed, en Obed se ma was Rut. Obed was die pa van Isai

6en Isai die pa van koning Dawid. Dawid was die pa van Salomo, en Salomo se ma was die vrou van Uria.

7Salomo was die pa van Rehabeam, en Rehabeam die pa van Abia, en Abia die pa van Asa.

8Asa was die pa van Josafat, Josafat die pa van Joram, en Joram die pa van Ussia.

9Ussia was die pa van Jotam, Jotam die pa van Agas, en Agas die pa van Hiskia.

10Hiskia was die pa van Manasse, Manasse die pa van Amon, en Amon die pa van Josia.

11Josia was die pa van Jojagin en sy broers. Dit was in die tyd toe die mense van Juda slawe was in Babilonië.

12Ná die tyd toe die mense van Juda slawe was in Babilonië, het Jojagin die pa van Sealtiël geword. Sealtiël was die pa van Serubbabel,

13Serubbabel die pa van Abihud, Abihud die pa van Eljakim, en Eljakim die pa van Asor.

14Asor was die pa van Sadok, Sadok die pa van Agim, en Agim die pa van Elihud.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Elihud was die pa van Eleasar, Eleasar die pa van Mattan, en Mattan die pa van Jakob.

16Jakob was die pa van Josef, en Josef was Maria se man. Maria was die ma van Jesus. Die mense het Hom ook die Christus genoem.

17Van Abraham tot by Dawid was daar 14 geslagte. Van Dawid tot by die tyd toe die mense van Juda slawe was in Babilonië, was daar ook 14 geslagte. Van die tyd toe hulle slawe was in Babilonië tot by die Christus was daar ook 14 geslagte.

Die geboorte van Jesus Christus

(Ook Luk 2:1-7)

18Dit is wat gebeur het voordat Jesus Christus gebore is: Sy ma, Maria, was verloof aan Josef. Hulle was nog nie getroud nie en hulle het nog nie saam geslaap nie, maar Maria het swanger geword. Dit is die Heilige Gees wat dit laat gebeur het.

19Josef, Maria se verloofde, was ’n goeie man. Hy was gehoorsaam aan die Wette van Moses en hy wou nie haar naam sleg maak by die mense nie. Daarom het hy besluit om sy verlowing met Maria te breek, maar hy wou dit vir niemand sê nie.

20Terwyl Josef hieroor gedink het, het daar ’n engel van die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: “Josef, jy wat van die nageslag van Dawid is, jy moenie bang wees om met Maria te trou nie. Sy verwag ’n baba, maar dit is die Heilige Gees wat dit laat gebeur het.

21Sy sal ’n seun kry, en jy moet Hom Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos.”

22Al hierdie dinge het gebeur sodat dit waar kan word wat die Here gesê het. Die profeet het gesê:

23“ Die maagd sal swanger word en sy sal ’n seun kry. Hulle sal Hom Immanuel noem.” Immanuel beteken “ God is by ons.”

24Nadat Josef wakker geword het, het hy gedoen wat die engel van die Here vir hom gesê het. Hy het met Maria getrou.

25Hy het nie by haar geslaap nie, hy het gewag tot nadat die seun gebore is. Josef het die seun Jesus genoem.

Matteus 2

Sterrekykers uit die ooste kom soek na Jesus

1Jesus is gebore in die stad Betlehem in die provinsie Judea. Dit was in die tyd toe Herodes koning was. Ná Jesus se geboorte het daar sterrekykers in Jerusalem aangekom.

© Bible Society of South Africa.

2Hulle het vir die mense gevra: “Waar is die Kind wat gebore is en wat koning van die Jode sal word? Ons het sy ster gesien opkom en ons het gekom om voor Hom te kniel en Hom te aanbid.”

3Toe koning Herodes dit hoor, was hy en al die mense in Jerusalem baie geskok en bekommerd.

4Koning Herodes het die priesterleiers geroep en ook die skrifgeleerdes. Hulle het ’n vergadering gehou, en koning Herodes het baie vrae vir hulle gevra. Hy wou weet waar die Christus gebore sal word.

5Hulle het vir hom gesê: “Die Christus sal gebore word in die stad Betlehem in die provinsie Judea, want dit is wat die profeet geskryf het:

6‘God het gesê: “ ‘ Jy, Betlehem, in die land Juda, jy is een van die belangrikste stede in Juda. Betlehem, daar sal ’n Leier in jou gebore word, en Hy sal vir my volk Israel sorg soos ’n skaapwagter vir sy skape sorg.’ ”

7Toe het koning Herodes die sterrekykers laat roep. Hy het gesê hulle moet na hom toe kom maar hulle moet vir niemand daarvan sê nie. Hy het lank met hulle gepraat om presies uit te vind wanneer hulle die eerste maal die ster gesien het.

8Herodes het die sterrekykers na Betlehem gestuur en gesê: “Gaan vind alles uit oor hierdie Kindjie en soek Hom. As julle Hom kry, dan moet julle vir my kom sê. Ek wil ook gaan en voor Hom kniel en Hom aanbid.”

9Nadat die sterrekykers gehoor het wat die koning gesê het, het hulle weggegaan. Die ster wat hulle in die ooste gesien het, het hulle gelei tot by die plek waar die Kindjie was. Toe het die ster gestop.

10Toe die sterrekykers sien die ster is daar, was hulle baie bly.

11Hulle het in die huis ingegaan, en daar het hulle die Kindjie by Maria, sy ma, gesien. Toe het hulle gebuig en voor Hom gekniel en Hom aanbid. Daarna het die sterrekykers hulle sakke oopgemaak en hulle het presente uitgehaal en vir die Kindjie gegee. Dit was goud, wierook en mirre.

12God het die sterrekykers in ’n droom gewaarsku en gesê hulle moenie weer na Herodes toe gaan nie. Daarom het die sterrekykers op ’n ander pad teruggegaan na hulle land.

Josef en Maria neem vir Jesus na Egipte

13Nadat die sterrekykers weggegaan het, het ’n engel van die Here in ’n droom aan Josef verskyn en vir hom gesê: “Staan op, neem die Kindjie en sy ma saam en vlug na Egipte. Bly daar totdat Ek vir jou sê om terug te kom, want koning Herodes wil die Kindjie doodmaak.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Josef het toe opgestaan. Hy het die Kindjie en sy ma in die nag saam met hom
geneem en hulle het na Egipte gegaan.

15Hulle het in Egipte gebly totdat Herodes gesterf het. Dit het gebeur sodat dit waar
kan word wat die Here gesê het. Die profeet het geskryf: “Die Here het gesê: Ek het
my Seun uit Egipte geroep.”

Koning Herodes laat die seuntjies doodmaak

16Koning Herodes het uitgevind dat die sterrekykers hom gekul het, hulle het nie
gedoen wat hy vir hulle gesê het nie. Hy was toe baie kwaad. Hy het soldate gestuur
om al die seuntjies in Betlehem dood te maak, al die seuntjies wat twee jaar oud en
jonger as twee jaar was. Hulle het ook die seuntjies doodgemaak wat naby Betlehem
gewoon het. Hy het die seuntjies laat doodmaak wat twee jaar oud en jonger as
twee jaar was, omdat die sterrekykers vir hom gesê het wanneer hulle die ster
gesien opkom het.

17So het gebeur wat die profeet Jeremia gesê het:

18“ Hulle hoor hoe die mense huil, hoe hartseer hulle is in die stad Rama. Ragel huil
oor haar kinders. Die mense probeer haar troos, maar sy bly hartseer, want haar
kinders is dood.”

Josef, Maria en Jesus kom terug uit Egipte

19Later, toe koning Herodes gesterf het, was Josef nog in Egipte. ’n Engel van die
Here het in ’n droom aan Josef verskyn. Die engel het vir Josef gesê:

20“Maak gereed, neem die Kindjie en sy ma en gaan terug na die land Israel, want die
mense wat die Kindjie wou doodmaak, is nou dood.”

21Josef het toe gereedgemaak. Hy het die Kindjie en sy ma geneem en na Israel
gegaan.

22Maar Josef het gehoor Argelaos was die nuwe koning van die provinsie Judea.
Argelaos was koning ná sy pa Herodes. Josef was toe bang om na Judea te gaan. Die
Here het vir Josef in ’n droom gewaarsku, en daarom het Josef uit Egipte na die
provinsie Galilea gegaan.

23Josef het gaan woon in die stad Nasaret. So het gebeur wat die profete gesê het:
“Die mense sal Jesus ’n ‘Nasarener’ noem.”

Matteus 3

Johannes die Doper preek in die woestyn

(Ook Mark 1:2-8; Luk 3:2-9,15-17; Joh 1:19-28)

1In daardie tyd het Johannes die Doper na die woestyn van Judea gekom en daar
gepreek.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2Hy het gesê: “Julle moet verander en lewe soos God wil hê, want God wat in die hemel is, is Koning oor almal, en van nou af sal almal dit weet.”

3Die profeet Jesaja het van Johannes gepraat toe hy gesê het: “ Iemand skree in die woestyn en hy sê: Julle moet die pad gereedmaak vir die Here, julle moet sy paaie reguit maak.”

4Johannes se klere was van kameelhare gemaak en hy het ’n belt van leer om sy heupe gedra. Hy het sprinkane geëet en heuning wat hy in die woestyn gekry het.

5Toe het die mense van Jerusalem en die hele provinsie Judea en van plekke naby die Jordaan-rivier na hom toe gegaan.

6Hulle het gesê hulle is jammer oor hulle sondes, en Johannes het hulle in die Jordaan-rivier gedoop.

7Johannes het gesien baie van die Fariseërs en Sadduseërs kom sodat hy hulle moet doop. Hy sê toe vir hulle: “Julle is so skelm soos slange! Julle sal nie kan wegvlug wanneer God se straf kom nie.

8Nee, julle moet wys julle het verander en dat julle nou lewe soos God wil hê. Julle moet wys julle is soos bome wat goeie vrugte dra.

9Julle sê vir mekaar: ‘Ons is kinders van Abraham,’ en julle dink dáárom sal God julle nie straf nie. Maar Ek sê vir julle: God kan van hierdie klippe kinders vir Abraham maak.

10God het al klaar begin om te oordeel. Dit is soos wanneer iemand met ’n byl elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, afkap en in die vuur gooi.

11Ek doop julle met water om te wys julle wil lewe soos God wil hê. Maar later sal daar Iemand kom wat meer kan doen as ek. Ek is nie belangrik genoeg om sy sandale vir Hom te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.

12Hy sal die mense oordeel. Dit sal wees soos wanneer iemand ’n vurk neem en die koring en die kaf op sy dorsvloer van mekaar skei. Hy maak die koring bymekaar en bêre dit in sy stoorkamer, en hy verbrand die kaf. Die oordeel van God sal wees soos ’n vuur wat nie ophou brand nie.”

Johannes doop vir Jesus

(Ook Mark 1:9-11; Luk 3:21-22; Joh 1:29-34)

13Jesus het van die provinsie Galilea gekom en Hy het na die Jordaan-rivier gegaan. Hy het na Johannes toe gegaan en gesê Johannes moet Hom doop.

14Johannes wou dit nie doen nie. Hy het gesê: “Dit is nie reg dat ek vir Ú doop nie, U moet vir mý doop. Hoekom kom U na my toe?”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Maar Jesus sê vir hom: “Doen wat Ek vra en doop My. Ons moet dit doen. Ons
moet alles doen wat God wil hê ons moet doen.” Toe het Johannes gedoen wat Jesus
gevra het, hy het Hom gedoop.

16Nadat Johannes vir Jesus gedoop het, het Jesus dadelik opgestaan uit die water.
Toe gaan die hemel oop, en Johannes sien die Gees van God kom af na Jesus toe
soos ’n duif uit die lug afkom.

17Jesus het ook gehoor Iemand sê uit die hemel: “Dit is my Seun. Ek is lief vir Hom.
Hy maak My bly.”

Matteus 4

Die Satan probeer om Jesus verkeerd te laat doen

(Ook Mark 1:12-13; Luk 4:1-13)

1Die Heilige Gees het daarna vir Jesus na die woestyn geneem sodat die duiwel kon
probeer om Jesus verkeerd te laat doen.

2Jesus het 40 dae en 40 nagte lank niks geëet nie. Hy het toe honger geword.

3Die duiwel het na Jesus toe gekom en hy het probeer om Jesus verkeerd te laat
doen. Die duiwel het vir Jesus gesê: “As Jy die Seun van God is, sê dan vir hierdie
klippe hulle moet brode word.”

4Maar Jesus antwoord hom: “In die Ou Testament is geskryf: “ ’n Mens lewe nie net
van brood nie. As jy waarlik wil lewe, dan moet jy luister na elke woord wat God sê.”

5Daarna het die duiwel vir Jesus saamgeneem na die gewyde stad en hy het Jesus op
die hoogste plek by die tempel laat staan.

6Die duiwel sê toe vir Jesus: “As Jy die Seun van God is, spring dan hier af, want in die
Ou Testament is geskryf: “ God sal vir sy engele sê hulle moet jou beskerm, en hulle
sal jou op hulle hande dra sodat jy nie jou voet sal stamp teen ’n klip nie.”

7Jesus sê toe vir die duiwel: “Daar is ook in die Ou Testament geskryf: ‘ Jy moenie vir
jou God die Here iets vra wat jy nie mag vra nie.’ ”

8Die duiwel het daarna vir Jesus na ’n baie hoë berg geneem. Hy het vir Hom al die
lande van die wêreld gewys en al die mooi dinge in die lande.

9Die duiwel sê toe vir Jesus: “Ek sal dit alles vir Jou gee as Jy voor my kniel en my
aanbid.”

10Jesus het vir die duiwel gesê: “Gaan weg, Satan, want in die Ou Testament is
geskryf: “ Jy moet jou God die Here aanbid en net vir Hom dien.”

11Die duiwel het toe weggegaan van Jesus. Daar het engele gekom en hulle het vir
Jesus gesorg.

Jesus begin sy werk in die provinsie Galilea

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

(Ook Mark 1:14-15; Luk 4:14-15; Joh 4:1-3,43-45)

12Koning Herodes het vir Johannes die Doper laat vang en hy het Johannes in die tronk toegesluit. Toe Jesus dit hoor, het Hy na die provinsie Galilea gegaan.

13Jesus het weggegaan van die stad Nasaret waar Hy eers gewoon het. Hy het gaan woon in die stad Kapernaum, by die See van Galilea. Kapernaum was in die deel van die land waar die stamme Sebulon en Naftali voorheen gewoon het.

14Dit het gebeur sodat dit waar kan word wat die profeet Jesaja gesê het:

15" Land van Sebulon en Naftali, langs die pad na die See van Galilea, naby die Jordaan-rivier, Galilea, land van mense wat nie Jode is nie.

16Julle is die volk wat in die donker lewe, maar julle het 'n groot lig gesien. Julle wat woon in die skaduwee van die dood, julle het gesien dit word lig."

17Van toe af het Jesus begin preek en gesê: "Julle moet nou begin lewe soos God wil hê, want God wat in die hemel is, is Koning oor almal, en van nou af sal almal dit weet."

Jesus kies vier dissipels

(Ook Mark 1:16-20; Luk 5:1-11; Joh 1:40-42)

18Jesus het langs die See van Galilea geloop. Hy sien toe twee broers, Simon en Andreas. Simon se ander naam was Petrus. Hulle was vissermanne en hulle het hulle visnet in die see gegooi.

19Jesus sê toe vir hulle: "Kom hier, kom saam met My, Ek sal julle lewens verander: Julle sal nog vissermanne wees, maar julle sal nie meer visse vang nie, julle sal mense bymekaarmaak vir God."

20Simon en Andreas het dadelik hulle visnette gelos en hulle het saam met Jesus gegaan.

21Jesus het verder gegaan en toe sien Hy twee ander broers, Jakobus en Johannes. Hulle was die seuns van Sebedeus. Hulle was in die boot saam met hulle pa en hulle was besig om hulle visnette reg te maak. Jesus het hulle geroep om saam met Hom te kom.

22Hulle het dadelik die boot en hulle pa daar gelos en hulle het saam met Jesus gegaan.

Jesus leer vir die mense, Hy preek vir hulle en maak hulle gesond

(Ook Mark 1:39; 3:7-8; Luk 4:44; 6:17-18)

23Jesus het deur die hele provinsie Galilea gegaan. Hy het vir die mense geleer in die sinagoges en vir hulle vertel van die goeie boodskap dat God Koning is oor almal. Hy het ook al die mense gesond gemaak wat siek was.

24Al die mense in die provinsie Sirië het gehoor wat Jesus gedoen het. Toe het hulle al die siek mense, mense met verskillende soorte pyne, na Hom toe gebring. Daar

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

was ook duiwels in party van die mense, party mense het epileptiese aanvalle gekry, en party mense was verlam. Jesus het hulle gesond gemaak.

25Baie mense het saam met Jesus gegaan. Hulle het gekom van die provinsie Galilea, van Dekapolis, van Jerusalem, en van die provinsie Judea en van die ander kant van die Jordaan-rivier.

Matteus 5

Jesus leer vir die mense op die berg

1Toe Jesus die baie mense sien, het Hy teen die berg opgegaan en gaan sit. Sy dissipels het na Hom toe gekom.

2Toe het Hy begin om vir hulle te leer. Hy het vir hulle gesê:

Die gelukkige mense

(Ook Luk 6:20-23)

3“Mense wat weet hulle het vir God nodig, is gelukkige mense, want God wat in die hemel is, is hulle Koning.

4Mense wat nou hartseer is, is gelukkige mense, want God sal hulle hartseer wegneem.

5Mense wat nederig is en wat op God vertrou, nie op hulleself nie, is gelukkige mense, want God sal vir hulle die aarde gee.

6Mense wat baie graag wil doen wat God wil hê, is gelukkige mense, want God sal vir hulle help om alles te doen wat Hy wil hê.

7Mense wat goed is vir iemand wat swaarkry, is gelukkige mense. God sal vir hulle ook goed wees.

8Mense wat net vir God dien, is gelukkige mense, want hulle sal God sien.

9Mense wat vrede maak tussen mense, is gelukkige mense. God sal sê hulle is sy kinders.

10Wanneer mense doen wat God wil hê, en ander mense doen slegte dinge aan hulle, dan is hulle gelukkige mense. God wat in die hemel is, is hulle Koning.

11“Julle is gelukkige mense wanneer ander mense julle beledig en slegte dinge doen aan julle omdat julle My dien. Julle is gelukkige mense wanneer hulle slegte stories oor julle vertel wat alles leuens is.

12Wanneer mense slegte dinge doen aan julle, dan moet julle baie bly wees, want in die hemel sal God vir julle baie goed wees. Die mense het ook slegte dinge gedoen aan die profete wat voor julle gelewe het.”

Die sout vir die aarde en die lig van die wêreld

(Ook Mark 9:50; 4:21; Luk 14:34-35; 8:16)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13“Julle is vir die aarde soos sout in kos. Maar as sout nie meer soos sout smaak nie,
dan kan niemand dit weer soos sout laat smaak nie. Daardie sout beteken niks.
Mense gooi dit buite weg en hulle trap daarop.

14“Julle is vir die wêreld soos lig wat skyn. As ’n stad bo-op ’n berg lê, dan kan al die
mense die stad sien.

15So steek ’n mens ook nie ’n lamp op en maak dit dan toe met ’n emmer nie. Nee,
’n mens sit ’n lamp op die lampstaander, en die lig skyn sodat almal in die huis kan
sien.

16So moet die mense ook julle lig kan sien. Hulle moet sien julle lewe reg. Dan sal
hulle ook julle Vader prys wat in die hemel is.”

Jesus sê die wette is belangrik

17“Moenie dink Ek het gekom om te sê die Wette van Moses en die boeke van die
profete is nie meer belangrik nie. Ek het nie gekom om te sê dit is nie belangrik
nie, Ek het gekom om te wys wat Moses en die profete bedoel het.

18Ek sê vir julle, en dit is seker: Die hemel en die aarde sal verdwyn, maar niks in die
Wette van Moses sal verdwyn nie, nie die kleinste letter of letter-strepie nie. Alles
wat daar geskryf is, moet eers gebeur.

19Iemand dink miskien dit is nie nodig om gehoorsaam te wees aan een van die
onbelangrikste van hierdie wette nie, en hy leer vir ander mense ook so. Dan sal hy
niks beteken nie by God, die Koning wat in die hemel is. Maar iemand wat
gehoorsaam is aan die wette van God en wat vir ander mense ook so leer, sal
belangrik wees by God, die Koning wat in die hemel is.

20Ek sê vir julle, en dit is seker: Julle moet gehoorsaam wees en doen wat God wil hê,
meer gehoorsaam as die skrifgeleerdes en die Fariseërs. As julle dit nie doen nie,
dan sal julle nie by God kan kom nie, by God, die Koning wat in die hemel is.”

Die wette is belangrik: Mense moet vrede maak

(Ook Luk 12:58-59)

21“Julle weet die wette sê: ‘ Jy mag nie iemand vermoor nie. As jy iemand vermoor,
dan sal die hof jou straf.’

22Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad word, moet dit weet: Die hof sal
hom straf. En elkeen wat vir sy broer sê: Jy is ’n domkop, die Joodse Raad sal hom
straf. En elkeen wat vir iemand sê: Jy is ’n dwaas, hy sal brand in die vuur van die
hel.

23Wanneer jy jou offer na die altaar bring, en jy onthou daar dat jou broer kwaad is
vir jou,

24moenie dan offer nie. Los jou offer daar by die altaar en gaan maak eers vrede met
jou broer. Kom dan terug en bring jou offer vir God.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

25Wanneer iemand jou hof toe wil vat, dan moet jy met hom vrede maak voordat julle by die hof kom. As jy dit nie doen nie, dan sal hy jou na die hof bring, en die regter sal sê die polisie moet jou in die tronk toesluit.

26Ek sê vir jou, en dit is seker: Jy sal nie uit die tronk uitkom nie. Jy sal eers alles moet betaal wat jy skuld."

Die wette is belangrik: Egbreuk

(Ook Matt 18:8-9; Mark 9:43,47)

27"Julle weet die wette sê: ' Jy mag nie egbreuk pleeg nie.'

28Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n ander vrou kyk en lus kry om by haar te slaap, het klaar in sy hart sonde gedoen en egbreuk gepleeg.

29As jou regter-oog jou laat sonde doen, ruk dit uit en gooi dit weg, want dan verloor jy net 'n oog en jou hele liggaam gaan nie hel toe nie.

30As jou regter-hand jou laat sonde doen, kap dit af en gooi dit weg, want dan verloor jy net 'n hand en dan sal jou hele liggaam nie hel toe gaan nie."

Die wette is belangrik: Getroude mense wat skei

(Ook Matt 19:7,9; Mark 10:11-12; Luk 16:18)

31"Julle weet die wette sê: ' Elkeen wat van sy vrou skei, moet vir haar 'n skeibrief gee.'

32Maar Ek sê vir julle: Wanneer iemand van sy vrou skei, en die vrou trou weer, dan pleeg sy egbreuk, en dan is dit die man se skuld. En elke man wat met 'n geskeide vrou trou, pleeg egbreuk. 'n Man mag net van sy vrou skei as sy seks gehad het met 'n ander man."

Die wette is belangrik: Mense moenie iets belowe nie

33"Julle weet ook die wette sê: ' Jy moenie iets belowe wat jy nie wil doen nie,' en 'as jy vir die Here iets belowe het, dan moet jy dit doen.'

34Maar Ek sê vir julle: Jy moet nooit iets belowe en sê die Here is die getuie nie. Julle moenie iets belowe en sê die hemel is die getuie nie, want die hemel is die troon van God.

35Julle moenie iets belowe en sê die aarde is die getuie nie, want die aarde is die plek waar God se voete rus. Julle moenie iets belowe en sê Jerusalem is die getuie nie, want Jerusalem is die stad van God, die Groot Koning.

36Jy moenie iets belowe en sê jy is self die getuie nie, want jy kan nie self een haar op jou kop wit of swart maak nie, jy kan nie die kleur verander nie.

37"Sê 'ja' wanneer julle 'ja' wil sê, en sê 'nee' wanneer julle 'nee' wil sê. Dit is die duiwel wat vir julle meer as dit laat sê."

Die wette is belangrik: Mense moenie keer wanneer ander mense slegte dinge doen aan hulle nie

(Ook Luk 6:29-30)

© Bible Society of South Africa.

38"Julle weet die wette sê: ' As jy iemand se oog uitslaan, dan moet hy jou oog ook uitslaan. As jy iemand se tand uitslaan, dan moet hy jou tand ook uitslaan.'

39Maar Ek sê vir julle: Moenie keer wanneer iemand slegte dinge doen aan jou nie. As hy jou op jou regter-wang klap, draai dan die ander wang na hom toe, sodat hy jou daar ook kan klap.

40As hy jou hof toe wil vat omdat hy jou onderkleed wil hê, gee dan ook jou bo-kleed vir hom.

41As 'n soldaat sê jy moet sy goed een myl ver dra, dan moet jy dit twee myl ver dra.

42As iemand iets vir jou vra, gee dit vir hom. As iemand iets by jou wil leen, moenie vir hom 'nee' sê nie."

Die wette is belangrik: Liefde vir 'n mens se vyand

(Ook Luk 6:27-28,32-36)

43"Julle weet die wette sê: ' Jy moet lief wees vir jou naaste en jy moet jou vyand haat.'

44Maar Ek sê vir julle: Julle moet lief wees vir julle vyande en julle moet bid vir die mense wat slegte dinge doen aan julle.

45Dan sal die mense weet julle is kinders van julle Vader in die hemel. Want julle Vader laat die son skyn oor slegte en oor goeie mense en Hy laat die reën val op mense wat goed doen en ook op mense wat verkeerd doen.

46As julle lief is net vir mense wat ook lief is vir julle, dan sal God nie daaroor goed wees vir julle nie. Die tollenaars doen presies dieselfde.

47En as julle vriendelik is net met julle vriende, dan doen julle wat ander mense ook doen, julle doen niks beter as hulle nie. Die mense wat God nie ken nie, doen presies dieselfde.

48Julle Vader in die hemel is lief vir al die mense, dit maak nie saak wie hulle is nie. So moet julle ook lief wees vir al die ander mense."

Matteus 6

Hoe mense die Here moet dien

1"Julle moet seker maak: Wanneer julle die Here dien, dan moet julle dit nie doen sodat al die mense kan sien wat julle doen nie. As julle dit doen en julle wil hê al die mense moet dit sien, dan sal julle Vader in die hemel nie daaroor goed wees vir julle nie."

Hoe mense die Here moet dien: Hoe om arm mense te help

2"Wanneer jy arm mense help, dan moet jy dit nie vir almal in die sinagoges en op die strate vertel nie. Die skynheilige mense doen dit, sodat al die mense moet sê

© Bible Society of South Africa.

hulle is goed. Ek sê vir julle, en dit is seker: Hulle het al klaar gekry wat hulle wou gehad het. God sal nie daaroor goed wees vir hulle nie.

3Wanneer jy arm mense help, dan moet jy dit so doen dat ander mense nie daarvan weet nie.

4Ander mense moenie sien dat jy arm mense help nie. En jou Vader wat alles kan sien wat die mense nie kan sien nie, Hy sal goed wees vir jou."

Hoe mense die Here moet dien: Hoe om te bid

(Ook Luk 11:2-4)

5"Wanneer julle bid, dan moet julle nie soos die skynheilige mense bid nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te bid. Hulle doen dit sodat die mense hulle kan sien. Ek sê vir julle, en dit is seker: Hulle het al klaar gekry wat hulle wou gehad het. God sal nie vir hulle daaroor goed wees nie.

6Maar wanneer jy bid, moet jy na jou kamer gaan. Maak dan die deur toe sodat niemand jou kan sien nie, en bid tot jou Vader. En jou Vader wat alles kan sien wat die mense nie kan sien nie, sal goed wees vir jou.

7Wanneer julle bid, moenie 'n klomp woorde sê en weer en weer dieselfde dinge vra nie. Mense wat nie vir God ken nie, bid so. Hulle dink hulle afgode sal luister na hulle as hulle baie woorde gebruik en lank bid.

8Julle moenie soos hulle bid nie. Want julle Vader weet wat julle nodig het, Hy weet dit voordat julle dit vir Hom vra.

9Julle moet só bid: "Ons Vader wat in die hemel is, ons bid dat al die mense u heilige Naam sal eer omdat U God is.

10Ons bid dat die tyd moet kom wanneer almal sal weet U is Koning. Ons bid dat al die mense op die aarde sal doen wat U wil hê hulle moet doen, soos die engele in die hemel dit doen.

11Gee vir ons vandag die kos wat ons vandag nodig het.

12En vergewe ons alles wat ons verkeerd gedoen het teen U, soos ons ook ander mense vergewe wat verkeerd gedoen het teen ons.

13En help ons dat niks sal gebeur wat ons sal laat sonde doen nie. Maar beskerm ons teen die duiwel.

14"Wanneer ander mense verkeerd doen teen julle, dan moet julle hulle vergewe. Dan sal julle Vader in die hemel julle ook vergewe.

15Maar as julle ander mense nie vergewe nie, dan sal julle Vader in die hemel julle ook nie vergewe wanneer julle verkeerd gedoen het nie."

Hoe mense die Here moet dien: Hoe om te vas

(Ook Luk 5:33)

© Bible Society of South Africa.

16“Wanneer julle vas omdat julle God wil eer, dan moet julle nie doen wat
die skynheilige mense doen nie. Hulle wys hulle kry swaar, hulle was nie hulle
gesigte nie en kam nie hulle hare nie. Hulle doen dit sodat die mense moet sien hulle
is besig om te vas. Ek sê vir julle, en dit is seker: Hulle het al klaar gekry wat hulle
wou gehad het. God sal nie goed wees vir hulle omdat hulle dit doen nie.

17Maar jy, wanneer jy vas, moet jy jou gesig was en jou hare kam

18sodat die mense nie kan sien dat jy vas nie. Net jou Vader moet sien dat jy vas. Die
mense kan nie jou Vader sien nie. En jou Vader in die hemel wat alles kan sien wat
die mense nie kan sien nie, sal goed wees vir jou.”

Die belangrikste dinge

(Ook Luk 12:33-34)

19“Dit moenie vir julle belangrik wees om mooi en duur goed bymekaar te maak hier
op die aarde nie. Motte vreet dit en dit roes, diewe breek in by huise en steel dit.

20Dit is beter om vir julle goed bymekaar te maak in die hemel en om daar ryk te
wees by God. Daar kan motte dit nie vreet nie en dit kan nie roes nie, en diewe kan
nie daar inbreek en dit steel nie.

21Die dinge wat in die hemel by God is, moet vir jou die belangrikste wees. Dan sal jy
net dink aan God wat in die hemel is.”

‘n Mens se oog wys hoe hy is

(Ook Luk 11:34-36)

22“Jou oog wys hoe jy is. As jou oog reg kyk en jy sien wanneer mense swaarkry en jy
help hulle, dan is jy vol lig.

23Maar as jou oog verkeerd kyk en jy sien wanneer mense swaarkry maar jy help
hulle nie, dan is daar nie lig in jou nie. As daar nie lig in jou is nie, dan is dit baie
donker rondom jou.”

Geld en baie goed

(Ook Luk 16:13; 12:22-32)

24“’n Mens kan nie vir twee persone werk nie, want hy sal niks hou van die een
persoon nie en hy sal baie hou van die ander persoon, óf hy sal hard werk vir die een
persoon en hy sal niks vir die ander persoon wil doen nie. Julle kan nie vir God dien
en óók dink geld en baie ander dinge is so belangrik soos Hy nie.

25“Daarom sê Ek vir julle: Julle moenie bekommerd wees oor hoe julle sal lewe nie,
oor wat julle sal eet en drink nie. En julle moenie bekommerd wees oor julle liggaam
nie, oor die klere wat julle moet aantrek nie. Die lewe is belangriker as kos en die
liggaam is belangriker as klere.

26Kyk na die voëls. Hulle saai nie, hulle sny nie koring af nie, hulle pluk nie vrugte nie
en hulle maak nie kos bymekaar in ’n stoorkamer nie. Maar julle Vader in die hemel
gee elke dag vir hulle kos. En julle is baie belangriker as die voëls.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Dit sal niks help as julle bekommerd is nie. Dit sal julle nie langer laat lewe nie, nie
een uur langer nie.

28En hoekom is julle bekommerd oor die klere wat julle moet aantrek? Kyk hoe groei
die blomme in die veld. Hulle werk nie hard nie en hulle maak nie klere nie.

29Maar Ek sê vir julle: Koning Salomo was ryk en hy het mooi aangetrek, maar sy
klere was nie so mooi soos een van hierdie blomme nie.

30God maak al die plante in die veld mooi, maar hulle lewe nie lank nie. Hulle groei
vandag, en môre gooi iemand die plante in die vuur. God sal julle baie mooier
aantrek en Hy sal beter sorg vir julle as vir die plante, ook vir julle wat so min glo.

31"Daarom moet julle nie bekommerd wees nie. Julle moenie vra: 'Wat moet ons
eet?' of 'Wat moet ons drink?' of 'Wat moet ons aantrek?' nie.

32Want al hierdie dinge is belangrik vir die mense wat nie vir God ken nie. Julle Vader
in die hemel weet dat julle al hierdie dinge nodig het.

33Nee, dit moet vir julle die belangrikste wees dat God julle Koning is. Julle moet
gehoorsaam wees aan Hom en doen wat Hy wil hê. Dan sal Hy al hierdie ander dinge
ook vir julle gee.

34En julle moenie vandag bekommerd wees oor wat môre sal gebeur nie. Môre sal sy
eie probleme hê waaroor julle bekommerd sal wees. So sal elke dag sy eie probleme
hê."

Matteus 7

Julle moenie altyd sê ander mense doen verkeerd nie

(Ook Mark 4:24; Luk 6:37-38,41-42)

1"Julle moenie altyd sê ander mense doen verkeerd en God moet hulle straf nie. As
julle dit nie doen nie, dan sal God júlle ook nie straf nie.

2God sal oor julle oordeel soos julle oor ander mense oordeel. Hy sal aan julle doen
wat julle aan ander mense wil doen.

3"Hoekom sien jy die klein stukkie hout in jou broer se oog, maar jy besef nie daar is
'n groot stuk hout in jou eie oog nie? Jy sien die bietjie wat jou broer verkeerd
gedoen het, maar jy sien nie die baie wat jyself verkeerd gedoen het nie.

4Jy kan nie vir jou broer sê jy wil die klein stukkie hout uit sy oog haal wanneer daar
'n groot stuk hout in jou eie oog is nie.

5As jy dit doen, dan is jy 'n skynheilige mens! Haal eers die groot stuk hout uit jou
eie oog. Dan sal jy goed kan sien om die klein stukkie hout uit jou broer se oog te
haal.

© Bible Society of South Africa.

6"'n Mens gooi nie dinge wat aan God behoort, vir die honde nie. Die honde sal omdraai en hulle sal jou kom byt. Jy gooi ook nie juwele voor varke nie. Die varke sal op die juwele trap met hulle pote. So moet julle nie aanhou om God se boodskap, wat kosbaar is, na mense toe te bring wat die boodskap nie wil ontvang nie."

Mense moet aanhou bid

(Ook Luk 11:9-13; 6:31)

7"Julle moet aanhou bid, dan sal God vir julle gee wat julle vra. Julle moet aanhou soek, dan sal God vir julle laat kry wat julle soek. Julle moet aanhou klop, dan sal God die deur vir julle oopmaak.

8Elke mens wat aanhou bid, sal ontvang. Elke mens wat aanhou soek, sal kry. Elke mens wat aanhou klop, vir hom sal God die deur oopmaak.

9'n Pa sal nooit vir sy seun 'n klip gee wanneer die seun vir hom brood vra nie.

10En hy sal nie vir sy seun 'n slang gee wanneer die seun vir hom 'n vis vra nie.

11Julle is slegte mense, maar julle weet om goeie dinge vir julle kinders te gee. Julle Vader in die hemel wil vir die mense wat dit vir Hom vra, dinge gee wat nog beter is.

12Julle moet aan ander mense doen soos julle wil hê ander mense moet aan julle doen. Dit is wat die Wette van Moses en die boeke van die profete vir julle sê."

Twee paaie

(Ook Luk 13:24)

13"Julle moet by die klein hekkie ingaan. Want die hek na die hel is groot, en dit is maklik om op daardie pad te loop. Baie mense gaan deur die groot hek.

14Maar die hek na die ewige lewe is klein, en dit is nie maklik om op hierdie pad te loop nie. Min mense kry hierdie pad en loop daarop."

Twee bome

(Ook Luk 6:43-44)

15"Pasop vir vals profete. Hulle kom na julle toe en hulle lyk soos skape, maar hulle is nie skape nie, hulle is gevaarlike wolwe.

16Wanneer jy 'n boom se vrugte sien, dan weet jy watter soort boom dit is. So sal julle ook kan sien watter soort mense dit is wanneer julle sien wat hulle doen. 'n Mens pluk nie druiwe van doringbome of vye van onkruid nie.

17Nee, goeie bome dra goeie vrugte, en slegte bome dra slegte vrugte.

18'n Goeie boom dra nie slegte vrugte nie, en 'n slegte boom dra nie goeie vrugte nie.

19'n Mens kap elke boom af wat nie goeie vrugte dra nie, en jy gooi die boom in die vuur.

20So sal julle weet watter soort mense die vals profete is wanneer julle sien wat hulle doen."

Twee dissipels

© Bible Society of South Africa.

(Ook Luk 6:46; 13:25-27)

21"Dit is nie genoeg as iemand vir My sê: 'Here, Here' nie. Hy sal nie daarom by God kan kom nie, by God, die Koning wat in die hemel is. God is my Vader, en mense wat by Hom wil kom, moet doen wat Hy wil hê hulle moet doen.

22Op die dag van die Here sal baie mense vir My sê: 'Here, Here, ons het u Naam gebruik om God se boodskap te bring, ons het u Naam gebruik om duiwels uit te jaag uit mense, ons het u Naam gebruik om baie wonderwerke te doen.'

23"Maar dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle het nie gedoen wat my wette sê nie.' "

Twee bouers

(Ook Luk 6:47-49)

24"Elke mens wat weet wat Ek gesê het en wat dit doen, is soos 'n wyse man wat sy huis op 'n rots gebou het.

25Dit het gereën en die riviere het vol water geword. Die winde het hard gewaai en dit het die huis geruk. Maar die huis het nie omgeval nie, want die man het sy huis op die rots gebou.

26Maar elkeen wat weet wat Ek sê en wat dit nie doen nie, is soos 'n dwase mens wat sy huis gebou het op sand.

27Dit het gereën en die riviere het vol water geword. Die wind het hard gewaai en dit het die huis baie geruk. Die huis het omgeval, en daar het niks oorgebly nie."

28Toe Jesus klaar gepraat het, was al die mense verbaas oor hoe Hy vir hulle geleer het,

29want hulle het besef dit kom van God. Jesus het nie vir hulle geleer soos hulle skrifgeleerdes dit gedoen het nie.

Matteus 8

Jesus maak 'n melaatse man gesond

(Ook Mark 1:40-45; Luk 5:12-16)

1Jesus het afgekom van die berg, en baie mense het saam met Hom gegaan.

2Daar kom toe 'n melaatse man na Jesus toe en hy kniel voor Hom. Hy het vir Jesus gesê: "Here, as U wil, kan U my gesond maak."

3Jesus het sy hand uitgesteek en aan die man geraak en gesê: "Ek wil dit vir jou doen. Ek maak jou gesond." Die man het dadelik gesond geword. Hy was nie meer melaats nie.

© Bible Society of South Africa.

4Jesus het vir die man gesê: “Jy mag vir niemand vertel Ek het jou gesond gemaak nie. Maar gaan wys vir die priester jy is gesond, en bring dan die offer, soos Moses in die wette geskryf het. Dan sal die priesters weet jy het rein geword.”

Jesus maak ’n Romeinse offisier se slaaf gesond

(Ook Luk 7:1-10; Joh 4:46-51)

5Jesus het na die stad Kapernaum gegaan. Toe Hy in die stad inkom, het ’n Romeinse offisier na Hom toe gekom. Hy het gesoebat dat Jesus hom moet help.

6Hy het vir Jesus gesê: “Here, my slaaf lê baie siek by die huis. Hy kan nie beweeg nie, hy is lam en hy het baie pyn.”

7Jesus sê toe vir hom: “Ek sal na jou huis kom en Ek sal hom gesond maak.”

8Maar die offisier sê vir Jesus: “ Nee, Here, ek is nie ’n Jood nie, ek is nie goed genoeg dat U in my huis kan inkom nie. U kan net sê die siekte moet weggaan, dan sal my slaaf gesond word.

9Ek is self ’n man wat moet doen wat ’n belangriker offisier vir my sê, en ek het soldate wat moet doen wat ek vir hulle sê. Wanneer ek vir een van hulle sê hy moet gaan, dan gaan hy. En wanneer ek vir ’n ander een sê hy moet kom, dan kom hy. Wanneer ek vir my slaaf sê hy moet iets doen, dan doen hy dit.”

10Toe Jesus hoor wat die offisier gesê het, was Hy baie verbaas. Hy sê toe vir al die mense wat saam met Hom loop: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Ek het nog nooit ’n Israeliet gesien wat so sterk glo soos hierdie man glo nie.

11Ek sê vir julle: Baie mense sal eendag kom van oral op die aarde. Hulle sal saam met Abraham, Isak en Jakob kom eet en feesvier in die hemel waar God die Koning is.

12Maar die mense wat dink net húlle is die kinders van Abraham, Isak en Jakob, en wat dink God is net húlle koning, God sal hulle uitgooi in die donker plek. Daar sal die mense huil en hard op hulle tande byt van die pyn.”

13Jesus sê toe vir die offisier: “Gaan terug na jou huis. Wat jy geglo het, sal gebeur.” En sy slaaf het presies op daardie tyd gesond geword.

Jesus maak Petrus se skoonma en ander siek mense gesond

(Ook Mark 1:29-34; Luk 4:38-41)

14Jesus het na Petrus se huis gegaan. Hy het gesien Petrus se skoonma is siek in die bed en sy het ’n hoë koors.

15Jesus het aan haar hand geraak, en die koors het weggegaan. Sy het toe opgestaan en vir Hom kos gegee.

16Daardie aand het hulle baie mense na Jesus toe gebring, daar was duiwels in die mense. Jesus het met die onrein geeste gepraat en Hy het hulle uitgejaag. Hy het ook al die siek mense gesond gemaak.

© Bible Society of South Africa.

17Jesus het dit gedoen, sodat dit waar kan word wat die profeet Jesaja gesê het: “ Hy het self ons pyn gedra en Hy het ons siektes weggeneem.”

Wat dit beteken om Jesus te volg

(Ook Luk 9:57-60)

18Jesus het gesien daar is baie mense by Hom. Toe sê Hy vir sy dissipels hulle moet saam met Hom gaan na die ander kant van die See van Galilea.

19Daar het ’n skrifgeleerde na Jesus toe gekom en vir Hom gesê: “Meneer, ek sal saam met U gaan, oral waar U gaan.”

20Jesus sê toe vir hom: “Jakkalse woon in gate, en voëls woon in neste. Maar Ek, die Seun van die mens, het nie ’n plek waar Ek kan woon nie.”

21Een van die ander mense sê toe vir Hom: “Here, ek moet eers wag tot my pa dood is en ek hom begrawe het, dan sal ek saam met U gaan.”

22Maar Jesus antwoord hom: “Kom nou saam met My. Dit is belangriker om My te volg as om te wag totdat jy jou pa begrawe het.”

Jesus maak die storm stil

(Ook Mark 4:35-41; Luk 8:22-25)

23Jesus het in die boot geklim en sy dissipels het saam met Hom gegaan.

24Daar het ’n baie groot storm op die see gekom en die branders het bo-oor die boot geslaan. Maar Jesus het vas geslaap.

25Die dissipels het na Jesus toe gegaan en hulle het Hom wakker gemaak. Hulle sê toe vir Hom: “Here, help ons! Ons sal verdrink!”

26Jesus vra toe vir hulle: “Hoekom is julle so bang? Hoekom is julle geloof so min?” Jesus het opgestaan en Hy het kwaai gepraat met die wind en die see. Die see het stil en kalm geword.

27Die dissipels was baie verbaas en hulle het gesê: “Hy is nie ’n gewone mens nie, ook die wind en die see luister na Hom.”

Jesus jaag duiwels uit twee mans

(Ook Mark 5:1-17; Luk 8:26-37)

28Jesus het gekom in die land van die Gadareners anderkant die See van Galilea. Twee mense het na Hom toe gekom. Hulle het duiwels in hulle gehad en hulle het tussen die grafte uitgekom. Hierdie mense was baie gevaarlik, niemand kon op daardie pad loop nie.

29Skielik het hulle vir Jesus begin skree: “Wat wil U met ons doen, Seun van God? Het U hiernatoe gekom om ons voor die tyd te straf en seer te maak?”

30’n Groot klomp varke het daar naby geloop en wei.

31Die duiwels het aangehou om vir Jesus te soebat en te vra: “As U ons uitjaag uit hierdie twee mense, stuur ons dan asseblief in die klomp varke in.”

© Bible Society of South Africa.

32Jesus sê toe vir hulle: “Ja, gaan!” Die duiwels het uitgegaan uit die twee mense en hulle het in die varke ingegaan. Al die varke het dadelik teen die berg afgehardloop tot binne-in die water en hulle het verdrink.

33Die wagters wat die varke opgepas het, het weggehardloop. Hulle het na die stad gegaan en vir die mense alles vertel wat gebeur het. Hulle het ook vertel wat gebeur het met die twee mense wat die duiwels in hulle gehad het.

34Al die mense van die stad het na Jesus toe gegaan om Hom te ontmoet. Toe hulle vir Jesus sien, het hulle vir Hom gesoebat om weg te gaan van hulle plek.

Matteus 9

Jesus maak ’n verlamde man gesond

(Ook Mark 2:1-12; Luk 5:17-26)

1Jesus het in die boot geklim en Hy het na die ander kant van die See van Galilea gegaan, na die stad waar Hy gewoon het.

2Die mense het ’n verlamde man wat op ’n slaapmat lê, na Jesus toe gebring. Jesus het gesien hulle glo Hy kan die verlamde man gesond maak. Toe sê Hy vir die verlamde man: “My vriend, moenie moedeloos wees nie, Ek vergewe jou sondes.”

3Party van die skrifgeleerdes het gehoor wat Jesus gesê het, en hulle sê toe vir mekaar: “Hierdie man maak of hy self God is.”

4Maar Jesus het geweet wat hulle dink, en Hy sê toe vir hulle: “Hoekom dink julle hierdie slegte dinge?

5Is dit die maklikste om vir hierdie verlamde man te sê: ‘Ek vergewe jou sondes,’ of is dit die maklikste om te sê: ‘Staan op en loop’?

6Maar Ek wil vir julle wys dat Ek, die Seun van die mens, sondes mag vergewe op die aarde.” Jesus sê toe vir die verlamde man: “Staan op, neem jou slaapmat en gaan huis toe.”

7Die man het opgestaan en hy het huis toe gegaan.

8Daar was baie mense, en almal het dit gesien. Hulle het bang geword en hulle het God geprys omdat Hy vir mense die krag gee om dit te kan doen.

Jesus roep vir Matteus

(Ook Mark 2:13-17; Luk 5:27-32)

9Jesus het verder geloop. Hy sien toe ’n man by ’n tolhek sit. Die man se naam was Matteus. Jesus het vir hom gesê: “Kom saam met My!” Matteus het opgestaan en hy het saam met Jesus gegaan.

10Jesus het in Matteus se huis gaan eet. Baie tollenaars en sondaars het ook saam met Jesus en sy dissipels kom eet.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Die Fariseërs het dit gesien en hulle vra toe vir Jesus se dissipels: “Hoekom eet
julle meneer saam met tollenaars en sondaars?”

12Jesus het gehoor wat die Fariseërs sê, en Hy het vir hulle gesê: “Gesonde mense
gaan nie dokter toe nie, net mense wat siek is, gaan dokter toe.

13Julle moet leer wat beteken hierdie woorde: “Die Here sê: Ek wil nie offers hê nie,
maar Ek wil hê julle moet goed wees vir mense. “Ek het nie gekom om mense te roep
wat dink hulle is gehoorsaam aan die wette van God nie. Ek het gekom om sondaars
te roep.”

Hoekom Jesus se dissipels nie vas nie

(Ook Mark 2:18-22; Luk 5:33-39; Joh 3:29)

14Johannes se dissipels het na Jesus toe gekom. Hulle het vir Hom gesê: “Ons vas en
die Fariseërs vas, maar hoekom vas jou dissipels nie?”

15Jesus sê toe vir hulle: “Die vriende van die bruidegom kan nie rou wanneer die
bruidegom nog by hulle is nie. Maar daar sal ’n tyd kom wanneer die bruidegom weg
sal wees, dan sal hulle vas.

16Niemand maak ou klere reg met ’n stuk lap wat nog nie gekrimp het nie. Wanneer
iemand dit doen, dan sal die nuwe lap krimp en die ou materiaal sal ook skeur, en
dan sal die skeur groter word.

17Niemand gooi nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan sal die wyn die sakke laat
oopbars. Dan verloor hy die wyn én die velsakke. Nee, ’n mens moet nuwe wyn in
nuwe sakke gooi, dan sal hy nie die sakke of die wyn verloor nie.”

Jesus maak ’n dogtertjie en ’n vrou gesond

(Ook Mark 5:21-28,34,38-43; Luk 8:40-44,48,52-56)

18Jesus was besig om met hulle te praat, toe kom daar een van die leiers van daardie
stad na Hom toe. Hy het voor Jesus gekniel en vir Hom gesê: “My dogter het nou
gesterf. Maar as U kom en u hand op haar sit, dan sal sy weer lewe.”

19Jesus het opgestaan en Hy het saam met die man gegaan, en sy dissipels het
saamgegaan.

20Terwyl hulle loop, het daar ’n vrou van agter gekom en sy het aan die soom van
Jesus se klere geraak. Sy was siek, sy het twaalf jaar lank aangehou bloei.

21Sy het gedink: As ek net aan Jesus se klere kan raak, dan sal ek gesond word.

22Jesus het omgedraai en haar gesien. Toe sê Hy vir haar: “Mevrou, moenie
bekommerd wees nie. Jy het nou gesond geword, want jy het geglo.” Die vrou het
toe dadelik gesond geword.

23Jesus het by die huis van die Joodse leier gekom. Hy sien toe die mense wat altyd
op fluite speel by begrafnisse, en baie mense wat hard huil en treur.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24Hy sê toe vir hulle: “Gaan weg. Die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net.” Maar die mense het gelag omdat Jesus gesê het sy slaap.

25Jesus het eers al die mense uitgejaag, en toe het Hy in die dogtertjie se kamer ingegaan. Hy het haar hand geneem, en sy het opgestaan.

26Die mense het vir almal in daardie deel van die land vertel wat gebeur het.

Jesus maak twee blinde mense gesond

(Ook Matt 20:29-34; Mark 10:46-52; Luk 18:35-43)

27Jesus het verder gegaan. Twee blindes het agter Hom geloop. Hulle het aangehou om hard te sê: “ Seun van Dawid, U moet asseblief jammer wees vir ons en help ons!”

28Toe Jesus by die huis kom, het die blindes nader gekom na Hom toe. Hy het vir hulle gevra: “Glo julle dat Ek julle gesond kan maak?” Hulle het vir Jesus gesê: “Ja, Here.”

29Toe raak Jesus aan hulle oë en Hy sê: “Julle glo dat Ek julle gesond kan maak. Daarom sal dit nou gebeur.”

30Hulle oë het gesond geword, en hulle kon sien. Jesus het ernstig met hulle gepraat en gesê: “Julle moenie vir iemand hiervan vertel nie.”

31Maar toe hulle weggaan van Jesus, het hulle vir almal in daardie deel van die land vertel wat gebeur het.

Jesus laat ’n stom man praat

(Ook Matt 12:22-24; Mark 3:22; Luk 11:14-15; Joh 8:48)

32Die twee mans het weggegaan, en toe bring die mense iemand na Jesus toe. Die man kon nie praat nie, hy was stom. Daar was ’n duiwel in hom.

33Jesus het die duiwel uitgejaag, en toe kon die man praat. Al die mense was baie verbaas en hulle het gesê: “So iets het nog nooit hier by ons, die volk Israel, gebeur nie.”

34Maar die Fariseërs het gesê: “Dit is die leier van die duiwels wat vir Jesus help om die duiwels uit te jaag.”

Die dissipels moet bid dat die Here werkers sal stuur

(Ook Mark 6:34; Luk 10:2)

35Jesus het al die stede en dorpe besoek. Hy het aangehou om vir die mense in hulle sinagoges te leer. Hy het vir hulle vertel van die goeie boodskap dat God Koning is oor almal. Hy het ook al die siek mense gesond gemaak.

36Baie mense het na Jesus toe gekom, en toe Hy al die mense sien, het Hy baie jammer gevoel vir hulle. Hulle het gelyk soos mense wat swaarkry, maar daar was niemand wat hulle kon help nie. Hulle was soos skape wat nie ’n wagter het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37Jesus sê toe vir sy dissipels: “Daar is baie ryp koring om af te sny, maar daar is baie
min werkers wat kan help om dit te doen.

38Die ryp koring is die mense wat aan die Here behoort. Julle moet bid tot die Here
aan wie die ryp koring behoort en julle moet vra dat Hy werkers sal stuur om sy ryp
koring af te sny.”

Matteus 10

Jesus stuur die twaalf dissipels om te gaan preek

(Ook Mark 6:7; 3:13-19; 6:8-11; Luk 9:1; 6:13-16; 9:2-5; 10:2-12)

1Jesus het sy twaalf dissipels na Hom toe geroep. Hy het vir hulle krag gegee
om onrein geeste uit mense te jaag en om al die siek mense gesond te maak.

2Hier is die name van die twaalf apostels: Simon, sy ander naam was Petrus, en sy
broer Andreas, Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes,

3Filippus en Bartolomeus, Tomas en Matteus die tollenaar, Jakobus seun van Alfeus,
Taddeus,

4Simon die patriot, en Judas Iskariot wat later vir Jesus verraai het.

5Jesus het hierdie twaalf dissipels gestuur om te gaan preek. Hy het vir hulle gesê:
“Moenie gaan na die heidene en moenie gaan na ’n stad van die Samaritane nie.

6Maar gaan na die mense van Israel, hulle is soos skape wat weggeraak het.

7Gaan preek vir hulle en sê: ‘Die tyd is naby wanneer julle sal weet dat God wat in die
hemel is, Koning is.’

8Julle moet siek mense gesond maak en julle moet mense wat gesterf het, weer laat
lewe. Julle moet melaatse mense gesond maak en julle moet duiwels uit mense jaag.
Julle het nie betaal om hierdie krag te kry nie. Ander mense moet ook nie betaal
wanneer julle vir hulle help nie.

9Moenie geld saamneem in julle beursies nie, niks goue of silwer of koper geld nie.

10Moenie ’n rugsak saamneem wanneer julle gaan nie, en moenie nog klere of nog
sandale of ’n kierie saamneem nie. Wanneer iemand werk, dan moet ’n mens
hom beloon.

11Wanneer julle in ’n stad of dorp inkom, dan moet julle uitvind by wie julle welkom
is. Julle moet by daardie mense bly totdat julle weer weggaan uit daardie stad.

12Wanneer julle inkom in ’n huis, dan moet julle die mense groet en bid dat God sy
vrede vir hulle sal gee.

© Bible Society of South Africa.

13As die mense sê julle is welkom, dan moet julle sê dat die Here se vrede daar sal bly. Maar as hulle sê julle is nie welkom nie, dan moet julle nie sê dat die Here se vrede daar sal bly nie.

14As iemand sê julle mag nie daar bly nie en as hulle nie vir julle wil luister nie, dan moet julle weggaan van daardie huis of stad en julle moet die stof van julle voete afskud.

15Ek sê vir julle, en dit is seker: Dit sal baie sleg gaan met daardie mense op die dag wanneer God almal sal oordeel. Dit sal beter gaan met die stede Sodom en Gomorra as met daardie stad."

Mense wat glo, sal swaarkry

(Ook Mark 13:9-13; Luk 10:3; 12:11-12; 6:40; 21:12-19; Joh 13:16)

16Jesus het ook gesê: "Ek stuur julle na die mense in die wêreld, en julle sal soos skape wees wat tussen gevaarlike wolwe is. Daarom moet julle versigtig wees soos die slange, en soos duiwe moet julle niks verkeerd doen nie.

17Julle moet oppas vir die mense, want hulle sal julle vang en hof toe vat. Hulle sal julle met swepe slaan in die sinagoges.

18Die mense sal julle hof toe sleep voor goewerneurs en konings omdat julle aan My behoort. Dan sal julle vir die konings en die mense wat nie Jode is nie, kan sê wie Ek is.

19En wanneer die mense julle hof toe vat, dan moet julle nie bekommerd wees oor wat julle moet sê nie, want God sal vir julle sê wat julle dan moet sê.

20Dit sal nie júlle wees wat praat nie, dit sal die Gees van julle Vader wees wat sal sê wat julle moet praat.

21Een broer sal 'n ander broer hof toe vat en vra dat die hof hom moet straf en doodmaak, en so sal 'n pa ook sy kind hof toe vat. Kinders sal opstandig wees teen hulle ouers en hulle sal hulle ouers laat doodmaak.

22Almal sal julle haat omdat julle aan My behoort. Maar as julle tot die einde aanhou om My te volg, dan sal God julle red.

23Wanneer die mense in een stad slegte dinge doen aan julle, dan moet julle na 'n ander stad vlug. Ek sê vir julle, en dit is seker: Julle sal nog nie klaar wees nie met die werk wat julle moet doen in al die stede van Israel, dan sal Ek kom, Ek, die Seun van die mens.

24'n Dissipel is nie belangriker as sy meneer nie. 'n Slaaf is ook nie belangriker as sy eienaar nie.

25'n Dissipel moet tevrede wees wanneer dit met hom gaan soos met sy meneer. 'n Slaaf moet tevrede wees wanneer dit met hom gaan soos met sy eienaar. As die

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

mense vir die hoof van die huis sê hy is Beëlsebul, dan moet die mense in sy huis weet dat die mense vir hulle nog slegter dinge sal sê."

Die dissipels moet vir God bang wees, nie vir mense nie

(Ook Mark 4:22; Luk 12:2-7; 8:17)

26"Julle moenie bang wees vir daardie mense nie. God is Koning, niemand kan hierdie geheim wegsteek nie. Almal sal dit sien en daarvan weet.

27Alles wat Ek vir julle in die geheim sê, moet julle vir almal vertel. Ek het baie dinge net vir julle gesê, maar julle moet op die huise se dakke staan en dit vir almal vertel.

28"Julle moenie bang wees vir mense nie. As hulle julle doodmaak, dan sal dit net julle liggame wees wat dood is. Nee, julle moet net vir God bang wees. As Hy julle in die hel laat brand, dan sal julle waarlik dood wees.

29"'n Mens kan twee mossies verkoop vir een sent. Hulle is baie goedkoop. Maar nie een van hulle val dood op die grond as julle Vader dit nie wil hê nie.

30-31Julle is vir God baie belangriker as baie mossies. God weet presies hoeveel hare op elke mens se kop is. Daarom moet julle nie bang wees vir mense nie."

Hoe om Jesus se dissipel te wees

(Ook Matt 10:21; 16:24-25; Mark 8:38,34-35; 9:37,41; 10:29-30; Luk 12:8-9; 9:26; 12:51-53; 9:23-24; 14:26-27; 17:33; 9:48; 10:16; Joh 12:25; 13:20; 5:23; 12:44)

32Jesus het gesê: "As iemand nie bang is om vir mense te sê hy behoort aan My nie, dan sal Ek vir my Vader in die hemel ook sê daardie persoon behoort aan My.

33Maar as iemand bang is om vir mense te sê hy behoort aan My, dan sal Ek vir my Vader in die hemel ook sê daardie persoon behoort nie aan My nie.

34"Julle moenie dink daar sal vrede wees op die aarde omdat Ek gekom het nie. Ek het gekom, maar daar sal nie vrede wees tussen mense nie, hulle sal mekaar se vyande wees.

35Ek het gekom, en nou sal 'n man teen sy pa wees, 'n dogter teen haar ma, en 'n skoondogter teen haar skoonma.

36Ja, julle eie familie in julle huise sal julle vyande wees.

37As iemand meer lief is vir sy pa of sy ma as vir My, dan kan hy nie my dissipel wees nie. As iemand vir sy seun of sy dogter meer lief is as vir My, dan kan hy nie my dissipel wees nie.

38As iemand My wil volg, dan moet hy lewe soos iemand wat weet hy sal aan 'n kruis hang en sterf. Dan kan hy my dissipel wees.

39As iemand my dissipel wil wees, maar hy wil aanhou lewe en hy wil nie sterf omdat hy My dien nie, dan sal hy sy lewe verloor. Maar iemand wat sterf omdat hy My dien, sal aanhou lewe.

© Bible Society of South Africa.

40“As die mense sê julle is welkom by hulle, dan is Ek welkom by hulle. En as Ek by
mense welkom is, dan is my Vader wat My gestuur het, ook welkom by hulle.

41God het vir die profete alles gegee wat hulle nodig gehad het. Hy sal ook goed
wees vir elkeen wat vir ’n profeet sê hy is welkom omdat hy ’n profeet is. God gee
goeie dinge vir iemand wat goed doen. God sal ook goeie dinge gee vir elkeen wat vir
’n goeie man sê hy is welkom omdat hy goed doen.

42“Daar is mense wat dink party van my dissipels is nie belangrike mense nie. Maar
iemand wat vir een van hulle ’n beker koue water gee net omdat hy my dissipel is, vir
hom sal God baie goeie dinge gee. Ek sê dit vir julle, dit is baie seker.”

Matteus 11

Jesus antwoord vir Johannes die Doper

(Ook Luk 7:18-23)

1Toe Jesus klaar met sy twaalf dissipels gepraat het en vir hulle gesê het wat hulle
moet doen, het Hy van daar na die stede in Galilea gegaan om vir die mense te leer
en vir hulle te preek.

2Johannes die Doper was toe in die tronk en hy het gehoor wat Christus alles gedoen
het. Johannes het ’n paar van sy dissipels na Jesus toe gestuur om vir Hom te vra:

3“Is U die Christus wat moes kom? Of moet ons vir ’n ander Een wag?”

4Jesus het vir hulle gesê: “Gaan terug na Johannes toe en vertel vir hom wat julle
gehoor en gesien het.

5Sê vir hom: Blinde mense kan nou sien, kreupel mense kan nou loop, melaatse
mense is gesond, dowe mense kan nou hoor, mense wat gesterf het, lewe weer, en
arm mense hoor die goeie boodskap dat Jesus die Christus is.

6En God sal mense seën wat nie twyfel nie en wat aanhou om in My te glo.”

Jesus en Johannes die Doper

(Ook Luk 7:24-28; 16:16)

7Die boodskappers van Johannes het teruggegaan, en toe het Jesus vir die mense
iets van Johannes vertel. Jesus vra toe vir hulle: “Wat het julle gedink sal julle sien
toe julle in die woestyn na Johannes toe gegaan het? Het julle gedink julle sal iemand
sien wat soos ’n riet in die wind heen en weer waai? Nee!

8Het julle gedink julle sal ’n man sien wat mooi en duur klere dra? Nee! Die mense
wat mooi en duur klere dra, woon in konings se paleise.

9Maar wat wou julle gaan sien? ’n Profeet? Ja, maar Ek sê vir julle: Julle het meer as
’n profeet gesien.

© Bible Society of South Africa.

10God het in die Ou Testament oor Johannes gepraat toe Hy gesê het: “ Kyk, Ek stuur
my boodskapper. Hy sal voor jou gaan en die pad gereedmaak vir jou.

11“Ek sê vir julle, en dit is seker: Niemand is belangriker as Johannes die Doper nie,
nie een van al die mense wat gebore is nie. Maar waar God is, die Koning wat in die
hemel is, daar is die mens wat die minste belangrik is, nog belangriker as Johannes
die Doper.

12Johannes die Doper het begin preek in die woestyn. Maar van toe af tot nou toe is
mense opstandig teen God, die Koning wat in die hemel is. Hulle wil self konings
wees.

13Die hele Ou Testament, al die boeke van die profete en van Moses, het gesê wat
sal gebeur totdat Johannes gekom het.

14As julle glo wat die profete gesê het, dan sal julle weet Johannes die Doper is Elia
wat moes kom.

15As iemand verstaan wat Ek sê, dan moet hy doen wat Ek sê!”

Mense is nooit tevrede nie

(Ook Luk 7:31-35)

16“Wat kan Ek sê van die mense wat vandag lewe? Hulle is soos kinders wat op die
oop stuk grond in die stad sit.

17Party kinders sê: “ ‘Ons het vir julle trou-musiek op die fluit gespeel, maar julle
wou nie dans nie.’ “En die ander kinders sê: “ ‘Ons het vir julle ’n begrafnis-lied
gesing, maar julle wou nie huil nie.’

18“So doen die mense met Johannes en met My. Hulle is nooit tevrede nie. Toe
Johannes hier was, het hy nie feesgevier nie. Toe sê die mense: ‘Daar is ’n duiwel in
hom.’

19Nou het Ek, die Seun van die mens, gekom en Ek vier graag fees. Nou sê die
mense: ‘Hy is ’n vraat en ’n dronklap. Hy is ’n vriend van tollenaars en van mense
wat nie doen wat die Here in sy wette sê nie.’ Die dinge wat Ek en Johannes doen,
wys dat ons van God kom. Mense wat in ons glo, weet regtig wat die wysheid van
God is.”

Die mense wat nie wil glo nie, sal swaarkry

(Ook Luk 10:12-15)

20Jesus het die meeste van sy wonderwerke gedoen in ’n paar stede. Maar die
mense in hierdie stede het nie verander nie en hulle het nie begin lewe soos God wil
hê mense moet lewe nie. Jesus het toe kwaai begin praat met hulle en gesê:

21“Dit sal baie sleg gaan met die mense van die stad Gorasin! Dit sal baie sleg gaan
met julle wat in Betsaida woon! Ek het baie wonderwerke by julle gedoen. As Ek
dieselfde wonderwerke gedoen het in die stede Tirus en Sidon, dan sou al daardie

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

mense hulle lewe verander het. Hulle sou rouklere gedra het en as op hulle koppe gegooi het. So sou hulle wys dat hulle verander het en wil begin lewe soos God wil hê.

22Maar Ek sê vir julle: Op die dag wanneer God sal oordeel, sal Hy die mense van Tirus en Sidon minder straf as vir julle.

23En julle wat in Kapernaum woon, julle dink God sal vir julle eer gee en julle optel tot in die hemel. Nee! Hy sal julle verneder en Hy sal julle laat val tot in die hel. Ek het baie wonderwerke by julle gedoen. As Ek dieselfde wonderwerke in Sodom gedoen het, dan sou daardie mense verander het en begin lewe het soos God wil hê. En dan was Sodom vandag nog daar.

24Maar Ek sê vir julle: Op die dag wanneer God sal oordeel, sal Hy die mense van Sodom minder straf as vir julle."

Mense moet na Jesus toe kom

(Ook Luk 10:21-22)

25In daardie tyd het Jesus gebid en gesê: "Vader, Here van die hemel en die aarde, Ek sê vir U dankie, want U het kinders en gewone mense gehelp om u woorde en tekens te verstaan. Maar slim en geleerde mense het dit nie verstaan nie, want U het hulle nie gehelp om dit te verstaan nie.

26Ja, Vader, U het dit gedoen omdat U dit graag wou doen."

27Jesus het ook gesê: "My Vader het alles vir My gegee. Niemand ken regtig vir My, die Seun van God nie, net die Vader ken My. En niemand ken regtig die Vader nie, net Ek, die Seun van God, ken die Vader. En watter mense ken die Vader? Net as die Seun vir mense help om te weet wie die Vader is, dan ken hulle ook die Vader.

28"Kom na My toe, julle almal wat moeg is en swaarkry omdat julle wil doen wat die Wette van Moses sê. Ek sal julle help sodat julle kan rus.

29Julle moet gehoorsaam wees en luister na wat Ek vir julle leer, want Ek het 'n sagte hart en Ek is nederig. Julle sal vir altyd by My kan rus.

30Die wette wat Ek vir julle gee, is nie moeilik nie, en as julle My volg, sal julle nie swaarkry nie."

Matteus 12

Jesus is die Here van die Sabbatdag

(Ook Mark 2:23-28; Luk 6:1-5)

1In daardie tyd het Jesus en sy dissipels op 'n Sabbatdag deur 'n koringland geloop. Sy dissipels het honger geword en hulle het begin om koring-are te pluk en die koringkorrels te eet.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir Jesus: “Kyk, jou dissipels doen iets wat ’n
mens nie op die Sabbatdag mag doen nie.”

3Jesus het vir hulle gesê: “Het julle gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne
honger was?

4Dawid het in die tempel ingegaan en hy het die brood geëet wat op die tafel was.
Hy mag nie van daardie brood geëet het nie en die manne wat saam met hom was,
mag ook nie daarvan geëet het nie. Net die priesters mag daardie brood eet.

5Julle weet ook dat die Wette van Moses sê dat die priesters op die Sabbatdag in die
tempel moet werk. Breek hulle dan die wette oor die Sabbatdag? Ja, maar God sê die
priesters doen nie verkeerd as hulle op die Sabbatdag werk nie.

6En Ek sê vir julle: Hier is Iemand, en dit is Ek, wat baie belangriker is as die tempel.

7Julle moet verstaan wat die woorde beteken: ‘Die Here sê: Ek wil nie offers hê nie,
maar Ek wil hê julle moet goed wees vir mense.’ As julle dit verstaan, dan sal julle nie
mense beskuldig wat niks verkeerd gedoen het nie,

8want Ek, die Seun van die mens, is die Here wat besluit wat op die Sabbatdag mag
gebeur.”

Die man met ’n gebreklike hand

(Ook Mark 3:1-6; Luk 6:6-11)

9Jesus het verder gegaan en Hy het in ’n sinagoge van die Jode ingegaan.

10In die sinagoge was daar ’n man met ’n gebreklike hand. Party van die Jode wou
Jesus beskuldig dat Hy verkeerd gedoen het. Toe vra hulle vir Hom: “Mag ’n mens
iemand gesond maak op die Sabbatdag?”

11Jesus het vir hulle gesê: “As een van julle een skaap het, en die skaap val op die
Sabbatdag in ’n watersloot, wat sal julle doen? Julle sal dadelik die skaap gryp en uit
die sloot uithaal.

12En ’n mens is vir God baie belangriker as ’n skaap. Daarom mag ’n mens op die
Sabbatdag goeie dinge aan mense doen.”

13Jesus sê toe vir die man: “Steek jou hand uit.” Die man het sy hand uitgesteek, en
toe was sy hand gesond, dit was soos die ander hand.

14Die Fariseërs het uitgegaan en hulle het planne gemaak om Jesus dood te maak.

Jesus is die dienaar van die Here, Hy maak siek mense gesond

(Ook Mark 3:7-12; Luk 6:17-19)

15Jesus het geweet wat die Fariseërs wil doen, en Hy het weggegaan van daardie
stad. Daar was baie mense wat saam met Jesus gegaan het. Hy het al die siek mense
gesond gemaak.

© Bible Society of South Africa.

16Maar Jesus het vir die mense gesê hulle mag nie vir ander mense vertel van Hom nie.

17Jesus het dit gesê sodat die woorde waar kan word wat die profeet Jesaja geskryf het:

18"God sê: Hier is my Dienaar. Ek het Hom gekies om vir My te werk. Ek is lief vir Hom. Hy maak My bly. Ek sal my Heilige Gees vir Hom gee en Hy sal vir al die volke vertel wat Ek wil hê.

19Hy sal nie met mense stry nie en Hy sal nie skree nie. Die mense in die strate sal Hom nie hoor praat nie.

20Die Dienaar sal nie 'n stukkende riet afbreek nie. Hy sal nie 'n lamp wat dof brand, doodblaas nie. Ja, Hy sal jammer wees vir die mense wat swaarkry en wat swak is. Hy sal dit doen totdat Ek gedoen het wat Ek wil doen.

21Al die volke sal seker weet dat die Dienaar hulle sal red."

Die Fariseërs sê Jesus is Beëlsebul

(Ook Matt 9:32-34; Mark 3:22-30; Luk 11:14-15,17-23; 12:10)

22Die mense het 'n man na Jesus toe gebring. Die man was blind en stom. Hy het 'n duiwel in hom gehad. Jesus het die man gesond gemaak, en die man kon weer praat en sien.

23Al die mense was verbaas. Hulle het gesê: "Is Jesus miskien die Seun van Dawid, of is Hy nie?"

24Die Fariseërs het gehoor wat die mense sê, en die Fariseërs het vir mekaar gesê: "Jesus jaag duiwels uit mense, maar Beëlsebul, die leier van die duiwels, help vir Jesus om die duiwels uit te jaag."

25Jesus het geweet wat hulle dink, en Hy het vir hulle gesê: "Wanneer die mense in 'n land nie kan saamwerk met mekaar nie, dan sal vyande die land oorwin. En wanneer die mense in 'n stad of in 'n huisgesin nie kan saamwerk met mekaar nie, dan sal hulle nie bymekaar bly nie.

26Wat julle sê, beteken dat dit die Satan is wat die Satan uitjaag. As dit so is, dan is die Satan teen homself, en dan kan hy niks meer doen nie en hy kan oor niemand regeer nie.

27En as Beëlsebul My help om duiwels uit te jaag uit mense, wie help dan julle leerlinge om duiwels uit mense uit te jaag? Julle eie leerlinge bewys dat julle verkeerd is.

28Dit is die Gees van God wat My help om duiwels uit te jaag, en dit bewys dat God die Koning is wat begin regeer het oor julle.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29’n Mens kan nie maklik in die huis van ’n sterk man ingaan en sy goed steel nie. Nee, jy moet eers die sterk man vasbind, dan kan jy alles in sy huis steel.

30Iemand wat nie vir My is nie, is teen My. Iemand wat My nie help om mense na God toe te bring nie, jaag die mense weg van Hom.

31Daarom sê Ek vir julle: God sal mense vergewe as hulle sonde doen of sleg praat van iemand. Maar as iemand sleg praat van die Heilige Gees, dan sal God dit nooit vergewe nie.

32As iemand iets sê teen die Seun van die mens, dan sal God dit vergewe, maar as iemand iets sê teen die Heilige Gees, dan sal God dit nooit vergewe nie, nie in hierdie lewe nie, en ook nie in die lewe wat sal kom nie.”

Dinge wat ’n mens sê, wys wat in sy hart is

(Ook Matt 7:16-20; Luk 6:43-45)

33“Julle weet ’n goeie boom dra goeie vrugte en ’n slegte boom dra slegte vrugte. ’n Mens ken ’n boom wanneer jy sien watter vrugte dit dra.

34Julle is soos slange! Julle is self slegte mense, daarom kan julle nie iets sê wat goed is nie. Die dinge wat ’n mens sê, wys wat in sy hart is.

35’n Goeie mens het ’n klomp goeie dinge in sy hart, daarom praat hy altyd goeie en mooi woorde. ’n Slegte mens het ’n klomp slegte dinge in sy hart, daarom praat hy altyd slegte dinge.

36Maar Ek sê vir julle, die dag wanneer God die mense sal oordeel, sal elke mens vir God moet antwoord oor alles wat hy gesê het wat nie reg is nie.

37Want God sal julle oordeel oor wat julle gesê het, en Hy sal besluit of julle skuldig is of onskuldig.”

Die Fariseërs wil ’n wonderteken sien

(Ook Matt 16:1-2,4; Mark 8:11-12; Luk 11:16,29-32)

38Party skrifgeleerdes en Fariseërs het na Jesus toe gekom. Hulle het vir Hom gesê: “Meneer, ons wil hê U moet vir ons ’n wonderteken wys sodat ons kan sien U kom van God.”

39Maar Jesus het vir hulle gesê: “Slegte en goddelose mense soos julle wil ’n wonderteken hê, hulle wil ’n bewys sien. God sal nie ’n teken vir julle wys nie. Julle sal net een teken kry, dit is die teken van die profeet Jona.

40 Jona was drie dae en drie nagte in die maag van die groot vis. So sal Ek, die Seun van die mens, ook drie dae en drie nagte in die graf wees.

41Daardie dag wanneer God die mense sal oordeel, sal die mense van die stad Nineve weer lewe en hulle sal by die mense wees wat nou lewe. Toe Jona vir hulle gepreek het, het die mense van Nineve verander en hulle het begin lewe soos God wil hê. Wanneer God die mense sal oordeel, dan sal die mense van Nineve sê

© Bible Society of South Africa.

dat die mense wat nou lewe, verkeerd doen en skuldig is, en dat God hulle moet straf. En Ek sê vir julle, hier is Iemand, en dit is Ek, wat baie belangriker is as Jona.

42Daardie dag wanneer God die mense sal oordeel, dan sal die koningin van die Suide ook weer lewe en sy sal by die mense wees wat nou lewe. Sy sal sê julle doen verkeerd en julle is skuldig, en God moet julle straf. Sy het baie ver uit haar land gekom om te kom luister na die wysheid van koning Salomo. En Ek sê vir julle, hier is Iemand, en dit is Ek, wat baie belangriker is as koning Salomo."

Slegte mense sal nog slegter word

(Ook Luk 11:24-26)

43"Wanneer 'n onrein gees uit 'n mens uitgaan, dan gaan hy deur plekke waar daar nie water is nie en hy soek 'n plek waar hy kan woon. As hy nie 'n plek kry waar hy kan woon nie,

44dan sê hy: 'Ek sal teruggaan na my eerste huis, na die mens toe in wie ek gewoon het.' Dan kom die onrein gees terug na daardie mens toe, en hy sien daardie mens is soos 'n huis wat leeg en skoon en netjies is.

45Dan gaan haal hy sewe ander geeste wat nog slegter is as hy. Hulle kom almal saam met hom, en hulle gaan woon in daardie mens. Wanneer dit gebeur, dan is daardie mens nog slegter as wat hy was. Dit sal gebeur met die slegte mense wat nou lewe."

Jesus se ma en sy broers

(Ook Mark 3:31-35; Luk 8:19-21)

46Jesus was besig om met mense te praat wat bymekaar was in 'n huis. Sy ma, Maria, en sy broers het buite die huis gestaan. Hulle wou met Jesus praat.

47Een van die mense sê toe vir Jesus: "Kyk, jou ma en jou broers is daar buite, hulle wil met jou praat."

48Maar Jesus het vir hom gevra: "Wie is my ma en wie is my broers?"

49Jesus wys toe met sy hand na sy dissipels en Hy sê:

50"Hierdie mense is my ma en my broers. Elkeen wat doen wat my Vader in die hemel wil hê, daardie persoon is my broer of my suster of my ma."

Matteus 13

Die gelykenis van die saaier

(Ook Mark 4:1-9; Luk 8:4-8)

1Daardie selfde dag het Jesus uit die huis gegaan en Hy het by die See van Galilea gaan sit.

2Baie mense het na Hom toe gekom en hulle het by Hom kom staan. Daarom het Jesus in 'n boot geklim en Hy het daarin gaan sit. Al die mense het op die strand gestaan.

© Bible Society of South Africa.

3Jesus het vir hulle baie dinge geleer, Hy het vir hulle gelykenisse vertel. Hy het gesê:
"'n Man het saad gaan saai, hy was die saaier.

4Toe hy die saad gesaai het, het party van die saad op die voetpad in die koringland
geval. Die voëls het gekom en hulle het daardie saad opgepik.

5"Party van die saad het op vlak grond geval. Daar was klip onder die grond. Die saad
het gou begin groei omdat die grond nie diep was nie.

6Maar toe die son opkom en warm word, het die plante doodgebrand, omdat dit nie
sterk wortels gehad het nie.

7"Party van die saad het tussen die dorings geval. Die dorings het grootgeword en dit
het die ander plantjies heeltemal toegegroei.

8"Party van die saad het in vrugbare grond geval. Dit het gegroei en daar was baie
koring. Een plant het 100 maal meer gegee as die saad, 'n ander plant het 60 maal
meer gegee, en 'n ander plant 30 maal meer.

9As iemand verstaan wat Ek sê, dan moet hy doen wat Ek sê!"

Jesus sê hoekom Hy gelykenisse vertel

(Ook Mark 4:10-12; Luk 8:9-10)

10Die dissipels het na Jesus toe gekom en vir Hom gevra: "Hoekom vertel
U gelykenisse wanneer U met die mense praat?"

11Jesus het vir hulle gesê: "God het vir julle gehelp om die geheim te verstaan dat Hy
wat in die hemel is, die Koning is en dat Hy regeer. Maar God het die ander mense
nie gehelp om dit te verstaan nie.

12As iemand hierdie geheim net 'n klein bietjie verstaan, dan sal God hom help om
dit nog beter te verstaan. Dan sal hy dit baie goed verstaan. Maar as iemand hierdie
geheim nie verstaan nie, dan sal God hom niks laat verstaan nie.

13Ek vertel vir die mense gelykenisse, want hulle kyk, maar hulle sien niks. Hulle
hoor, maar hulle verstaan nie wat hulle hoor nie.

14Die profeet Jesaja se woorde is waar wat hy oor hulle geskryf het. Hy het geskryf:
" Julle sal hoor en hoor, maar julle sal niks verstaan nie. Julle sal kyk en kyk, maar
julle sal niks sien nie.

15Hierdie volk het hardkoppig geword. Hulle het opgehou luister sodat hulle nie kan
verstaan nie. Hulle het hulle oë toegehou sodat hulle nie kan sien nie en nie kan
verstaan nie. Ek wil hulle gesond maak, maar hulle wil nie verander en lewe soos Ek
wil hê nie."

16Jesus het ook gesê: "Julle is gelukkige mense, want julle oë kan sien en julle ore kan
hoor en julle kan verstaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Ek sê vir julle, en dit is seker: Baie profete en mense wat gehoorsaam was aan die
wette van die Here, wou baie graag sien wat julle nou sien, maar hulle het dit nie
gesien nie. En hulle wou baie graag hoor wat julle nou hoor, maar hulle het dit nie
gehoor nie."

Jesus sê wat die gelykenis van die saaier beteken

(Ook Mark 4:13-20; Luk 8:11-15)

18"Julle moet nou luister na wat die gelykenis van die saaier beteken.

19"Weet julle wat dit beteken wanneer die saad op die voetpad in die koringland
geval het? Dit is wanneer iemand die boodskap hoor dat God Koning is, maar nie die
boodskap verstaan nie. Die duiwel kom na hom toe en hy vat die woorde weg wat
God in sy hart gesaai het.

20Wanneer die saad in vlak grond val waar daar klippe onder die grond is, dan is dit
soos wanneer iemand die boodskap hoor en glo en bly is daaroor,

21maar hy is soos 'n plant wat nie diep wortels het nie en net 'n kort tydjie lewe. Hy
hoor die boodskap en hy glo dit, maar wanneer die mense hom daaroor verdruk, en
hy begin swaarkry, dan hou hy op om te glo.

22"En wanneer die saad tussen die dorings val, is dit soos wanneer iemand die
boodskap hoor, maar hy is bekommerd oor die dinge van die wêreld en hy dink hoe
hy kan ryk word. Daarom kan die boodskap nie sy lewe verander nie, soos die saad
wat nie vrugte dra nie.

23Wanneer die saad in vrugbare grond val, dan is dit soos wanneer 'n mens die
boodskap hoor en dit verstaan. Die boodskap verander sy lewe, soos die saad wat
vrugte dra. By party mense is die vrugte 100 maal meer as die saad wat die man
gesaai het. By party mense is die vrugte 60 maal meer, en by party mense is dit 30
maal meer."

Die gelykenis van die onkruid tussen die koring

24Jesus het vir hulle nog 'n gelykenis vertel. Hy het gesê: "Wanneer God Koning is,
God wat in die hemel is, dan is dit soos wanneer 'n man goeie saad in die grond
gesaai het.

25Een nag het sy vyand gekom en gewag totdat al die mense slaap. Toe het hy
onkruid tussen die koring gesaai en daarna het hy weggegaan.

26Die koringplantjies het mooi begin groei en die koring-are het uitgekom. Die
werkers kon toe die onkruid ook sien.

27Hulle gaan toe na die man toe en sê vir hom: 'Meneer, jy het goeie saad gesaai in
die grond. Van waar kom die onkruid?'

28Die man het vir hulle gesê: 'My vyand het die onkruid gesaai.' Die werkers vra toe
vir die man: 'Moet ons die onkruid gaan uittrek?'

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29Die man het vir hulle gesê: ‘Nee. As julle nou die onkruid uittrek, dan sal julle miskien party van die koringplantjies ook uittrek.

30Die onkruid en die koring moet saam groei totdat die koring ryp is. Dan sal ons dit afsny. Dan sal ek vir die werkers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit vas en verbrand dit. Maak dan die koring bymekaar en bring dit na my stoorkamer.’ ”

Die gelykenis van die mosterd-saad en die suurdeeg

(Ook Mark 4:30-32; Luk 13:18-21)

31Jesus het vir hulle nog ’n gelykenis vertel. Hy het gesê: “Wanneer God Koning is, God wat in die hemel is, dan is dit soos wanneer ’n man ’n mosterd-saad in sy grond geplant het.

32Dit is die kleinste saadjie van al die soorte saad, maar wanneer die plantjie klaar gegroei het, dan is dit groter as die ander plante in die tuin en dit word ’n boom. Dan kom die voëls en hulle maak neste in die boom se takke.”

33Jesus het vir hulle nog ’n gelykenis vertel. Hy het gesê: “Wanneer God Koning is, God wat in die hemel is, dan is dit soos wanneer ’n vrou ’n klein stukkie suurdeeg neem en dit meng met drie sea meel. Die meel word dan deeg, en die suurdeeg laat al die deeg rys en groter word.”

Hoekom Jesus gelykenisse vertel het

(Ook Mark 4:33-34)

34Jesus het al hierdie dinge vir baie mense gesê. Hy het gelykenisse vertel wanneer Hy met die mense gepraat het. Hy het altyd gelykenisse gebruik wanneer Hy met die mense gepraat het.

35So het die woorde waar geword wat die profeet in die Ou Testament gesê het. Hy het gesê: “ Ek sal gelykenisse gebruik wanneer Ek met hulle praat. Daar is dinge wat mense nie geweet het nie, dit was ’n geheim. Ek sal dit vir almal vertel.”

Jesus sê wat die gelykenis van die onkruid tussen die koring beteken

36Jesus het toe weggegaan van die mense en Hy het huis toe gegaan. Sy dissipels het na Hom toe gekom en hulle het gesê: “Verduidelik asseblief vir ons wat beteken die gelykenis van die onkruid in die koringland.”

37Jesus het vir hulle gesê: “Die Persoon wat die goeie saad saai, is Ek, die Seun van die mens.

38Die koringland is die wêreld. Die goeie saad is die goeie mense, God regeer oor hulle. Die onkruid is die slegte mense, die slegte een, die duiwel, regeer oor hulle.

39Die vyand wat die onkruid saai, is die duiwel. Die tyd wanneer die koring ryp is en die werkers dit afsny, is die tyd wanneer dit die einde van die wêreld sal wees. Die werkers wat die koring-oes bymekaarmaak, is die engele.

40Hulle maak die onkruid bymekaar en gooi dit in die vuur. Dit sal dieselfde wees wanneer die einde van die wêreld kom.

© Bible Society of South Africa.

41Die Seun van die mens sal dan sy engele stuur, en hulle sal die sondaars bymekaarmaak en wegvat daar waar God regeer. Hulle sal die mense wegvat wat ander mense verlei het om sonde te doen en die mense wat nie gedoen het wat God se wette sê nie.

42Die engele sal al daardie sondaars in die vuur gooi. Daar in die vuur sal hulle huil en hulle sal hard op hulle tande byt van pyn.

43Dan sal die mense wat gehoorsaam is aan die wette van die Here, blink soos die son. Hulle sal daar wees waar hulle Vader Koning is. As iemand verstaan wat Ek sê, dan moet hy doen wat Ek sê!”

Die gelykenisse van die geldkis en die pêrel

44Jesus het ook gesê: “Waar God wat in die hemel is, Koning is, is dit soos wanneer iemand sy duur goed in die veld begrawe het. Eendag het ’n ander man die goed gekry. Hy het dit dadelik weer toegemaak. Hy was baie bly, en daarom het hy weggegaan en alles verkoop wat hy gehad het. Toe het hy daardie stuk grond gaan koop.

45“Waar God wat in die hemel is, Koning is, is dit ook soos wanneer ’n man duur pêrels gesoek het en dit wou koop.

46Toe hy ’n baie duur pêrel sien, het hy alles verkoop wat hy gehad het en toe het hy die pêrel gaan koop.”

Die gelykenis van die visnet

47“Waar God wat in die hemel is, Koning is, is dit ook soos wanneer vissermanne ’n visnet in die see gooi, en hulle vang baie soorte visse.

48Wanneer die visnet vol visse is, dan trek die vissermanne dit uit die see tot op die sand. Dan gaan sit hulle en gooi die goeie visse bymekaar in bakke, maar hulle gooi die visse weg wat hulle nie kan eet nie.

49Dit sal dieselfde wees wanneer die einde van die wêreld kom. Die engele sal kom en hulle sal al die slegte mense wegvat, weg van die mense wat gehoorsaam is aan die wette van die Here.

50En die engele sal dan al die slegte mense in die vuur gooi. Daar in die vuur sal hulle huil en hard op hulle tande byt van pyn.”

Die gelykenis van die eienaar van die huis

51Jesus vra toe vir sy dissipels: “Verstaan julle al hierdie dinge?” Hulle sê vir Hom: “Ja.”

52Toe sê Jesus vir hulle: “Elke skrifgeleerde wat ’n dissipel word van God, die Koning wat in die hemel is, is soos iemand wat ’n huis het en wat nuwe goed en ook ou goed uithaal uit sy stoorkamer wanneer hy dit nodig het.”

Die mense van Nasaret glo nie in Jesus nie

© Bible Society of South Africa.

(Ook Mark 6:1-6; Luk 4:16,22,24)

53Toe Jesus hierdie gelykenisse klaar vertel het, het Hy weggegaan.

54Hy het in Nasaret gekom, die stad waar Hy grootgeword het. Hy het vir die mense in hulle sinagoge geleer. Hulle was baie verbaas oor wat Hy vir hulle geleer het. Hulle vra toe: "Waar het hy hierdie wysheid gekry? Hoe kan hy hierdie wonderwerke doen?

55Ons weet hy is die seun van die man wat houtwerk doen. Sy ma se naam is Maria, en sy broers is Jakobus, Josef, Simon en Judas.

56Sy susters is ook almal by ons. Hoe kan Jesus dit alles doen?"

57Die mense het glad nie gehou van wat Jesus gesê en gedoen het nie. Jesus het vir hulle gesê: "Die mense in ander stede luister na 'n profeet en hulle respekteer hom. Maar die mense in die stad waar hy grootgeword het en die mense in sy eie huis respekteer hom nie."

58Jesus het nie baie wonderwerke daar gedoen nie, want die mense het nie in Hom geglo nie.

Matteus 14

Koning Herodes maak vir Johannes die Doper dood

(Ook Mark 6:14-29; Luk 9:7-9; 3:19-20)

1Koning Herodes het in daardie tyd oor die provinsie Galilea regeer. Hy het gehoor wat die mense oor Jesus sê.

2Hy sê toe vir sy amptenare: "Hierdie man is Johannes die Doper. Johannes het gesterf, maar hy lewe weer. Daarom doen hy wonderwerke."

3-4Herodes het voor daardie tyd soldate gestuur om vir Johannes die Doper te vang en te boei en in die tronk toe te sluit. Herodes het dit gedoen omdat Johannes aangehou het om vir hom te sê hy mag nie trou met Herodias, sy broer Filippus se vrou nie.

5Herodes wou toe vir Johannes laat doodmaak, maar hy was bang vir die mense, omdat hulle gedink het Johannes is 'n profeet.

6Op Herodes se verjaarsdag het die dogter van Herodias tussen al die mense gedans. Dit was vir Herodes baie mooi,

7daarom het hy belowe om vir haar enige iets te gee wat sy vra.

8Haar ma het vir haar gesê wat sy moet vra, en daarom het sy gesê: "Bring vir my die kop van Johannes die Doper hier in 'n skottel."

© Bible Society of South Africa.

9Die koning het baie hartseer geword, maar hy het dit vir haar belowe en al die mense wat saam geëet het, het dit gehoor. Daarom het hy gesê sy soldate moet doen wat sy gevra het.

10Hy het soldate gestuur om Johannes die Doper se kop in die tronk af te kap.

11Die soldate het sy kop in ’n skottel gebring en hulle het dit vir die meisie gegee, en sy het dit vir haar ma gegee.

12Die dissipels van Johannes die Doper het gekom en hulle het sy liggaam weggeneem en dit begrawe. Toe het hulle gegaan en vir Jesus vertel wat gebeur het.

Jesus gee vir 5 000 mense kos

(Ook Mark 6:32-44; Luk 9:10-17; Joh 6:1-13)

13Jesus het gehoor wat gebeur het. Hy het toe in ’n boot weggegaan na ’n stil plek om alleen te wees. Baie mense het gehoor waar Jesus is en hulle het na Hom toe geloop uit die stede.

14Jesus het uit die boot geklim en Hy het die klomp mense gesien. Hy was baie jammer vir hulle en Hy het die siek mense wat by hulle was, gesond gemaak.

15Toe dit begin donker word, kom die dissipels na Jesus toe en sê vir Hom: “Hierdie plek is ver van ’n stad en dit is al laat. Stuur die klomp mense weg sodat hulle na die dorpies kan gaan en vir hulle kos kan koop om te eet.”

16Maar Jesus het vir hulle gesê: “Nee, hulle moenie weggaan nie, dit is júlle wat vir hulle kos moet gee om te eet.”

17Die dissipels sê toe vir Jesus: “Ons het net vyf brode en twee visse.”

18Jesus het vir hulle gesê: “Bring dit hier vir My.”

19Hy het vir al die mense gesê hulle moet op die gras gaan sit. Toe het Jesus die vyf brode en die twee visse geneem en Hy het opgekyk na die hemel. Hy het God geprys en dankie gesê vir die kos. Daarna het hy die brood in stukke gebreek en Hy het dit vir sy dissipels gegee, en die dissipels het dit vir die mense gegee.

20Almal het genoeg geëet, en hulle het twaalf mandjies vol stukkies kos opgetel wat oorgebly het.

21Daar was baie mense wat geëet het. Die mans was omtrent 5 000. Daar was ook nog vroue en kinders.

Jesus loop op die see

(Ook Mark 6:45-52; Joh 6:16-21)

22Daarna het Jesus vir die dissipels gesê hulle moet dadelik in die boot klim en voor Hom na die ander kant van die see gaan. Hy wou eers vir die mense sê hulle moet huis toe gaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Nadat Jesus al die mense huis toe gestuur het, het Hy alleen teen die berg opgegaan om te bid. Dit het donker geword en Jesus was alleen daar.

24Die boot was toe ver van die land. Die branders het die boot rondgegooi, want die wind het sterk van voor gewaai.

25Vroeg die volgende oggend, voordat dit lig geword het, het Jesus na hulle toe gekom. Hy het op die see geloop.

26Toe sy dissipels Hom op die water sien loop, het hulle baie bang geword en gesê: “Dit is ’n spook!” Hulle was baie bang, en hulle het hard geskree.

27Jesus het dadelik met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Toemaar, dit is Ek! Moenie bang wees nie.”

28Petrus sê toe vir Jesus: “Here, as dit U is, sê dan ek moet op die water na U toe loop.”

29Jesus het vir hom gesê: “Kom!” Petrus het uit die boot geklim, en toe het hy op die water geloop na Jesus toe.

30Maar toe Petrus sien die wind is sterk, het hy bang geword. Hy het begin sink en hy het geskree: “Here, red my!”

31Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en Hy het hom gegryp en vir hom gesê: “Hoekom is jou geloof so min, hoekom het jy begin twyfel?”

32Hulle het in die boot geklim, en die wind het opgehou waai.

33Die mense wat in die boot was, het voor Jesus gekniel en vir Hom gesê: “Waarlik, U is die Seun van God.”

Jesus maak mense gesond by die stad Gennesaret

(Ook Mark 6:53-56; Joh 6:22-25)

34Jesus en die dissipels het na die ander kant van die see gegaan, en by die stad Gennesaret afgeklim van die boot.

35Toe die mense van Gennesaret sien dit is Jesus, het hulle boodskappers gestuur om vir die mense daar naby te vertel dat Jesus daar is. Hulle het al die siek mense na Jesus toe gebring.

36Hulle het vir Jesus gevra of die siek mense aan die soom van sy bo-kleed mag raak. En almal wat dit gedoen het, het gesond geword.

Matteus 15

God se wette en die reëls van mense

(Ook Mark 7:1-13; Luk 11:37-41)

© Bible Society of South Africa.

1Daar kom toe Fariseërs en skrifgeleerdes van Jerusalem na Jesus toe en hulle vra vir Hom:

2“Hoekom is jou dissipels ongehoorsaam en doen hulle nie wat ons voorouers altyd gedoen het nie? Jou dissipels was nie hulle hande wanneer hulle gaan eet nie.”

3Jesus het vir hulle gesê: “Hoekom is julle ongehoorsaam en doen julle nie wat Gód gesê het nie? Maar julle hou aan om te doen wat mense sê.

4God het gesê: ‘ Jy moet jou ouers respekteer.’ Hy het ook gesê: ‘ As iemand sy pa of sy ma vervloek, dan moet hy sterf. Dit is seker!’

5Maar julle sê iemand mag vir sy pa of ma sê: ‘Ek kan julle nie help nie, want die goed wat ek vir julle moes gee, het ek vir die Here gegee.’

6“So iemand respekteer nie sy pa en sy ma nie. Julle doen nooit wat God vir julle sê nie, julle doen net wat julle voorouers vir julle gesê het.

7Julle is skynheilig. Dit is waar wat die profeet Jesaja oor julle gesê het. Hy het gesê:

8“ Hierdie volk sê hulle respekteer My, maar dit is nie waar nie, hulle harte is ver van my.

9Dit help niks om God so te dien nie. Want hulle leer vir die mense wette wat hulle self gemaak het en dan sê hulle dit is God se wette.”

Dinge wat ’n mens onrein maak

(Ook Mark 7:14-23; Luk 6:39)

10Jesus het die mense na Hom toe geroep en vir hulle gesê: “Julle moet luister, sodat julle kan verstaan wat Ek sê.

11Dit is nie die kos wat by ’n mens se mond ingaan wat hom onrein maak nie. ’n Mens word onrein van die dinge wat uit sy mond uitgaan, die dinge wat hy sê.”

12Toe het die dissipels na Jesus toe gekom en vir Hom gesê: “Weet U die Fariseërs het baie kwaad geword toe hulle hoor wat U sê?”

13Jesus sê toe vir hulle: “My Vader wat in die hemel is, sal elke plant uittrek wat Hy nie geplant het nie.

14Moenie luister na wat die Fariseërs sê nie. Hulle is soos blinde mense wat vir ander blindes wil wys waar hulle moet loop. Wanneer een blinde vir ’n ander blinde wil wys waar hy moet loop, dan sal hulle altwee in ’n watersloot val.”

15Petrus vra toe vir Jesus: “Verduidelik asseblief vir ons wat die gelykenis beteken.”

16Jesus het vir hom gesê: “Julle is my dissipels, maar ook júlle verstaan dit nou nog nie.

17Julle weet dat die kos wat in ’n mens se mond ingaan, na sy maag gaan en dan weer uit sy liggaam uitgaan.

© Bible Society of South Africa.

18Maar die woorde wat uit ’n mens se mond kom, kom uit sy hart. Dit is hierdie dinge
wat ’n mens onrein maak.

19Want die slegte dinge wat ’n mens dink, kom van binne, uit ’n mens se hart. Dit is
daardie slegte gedagtes wat hom sonde laat doen, soos om mense te vermoor,
of egbreuk te pleeg, of seks te hê met iemand met wie jy nie mag nie, of te steel of
te lieg of sleg te praat van ander mense.

20Dit is daardie dinge wat ’n mens onrein maak. Maar as jy nie jou hande gewas het
voor jy eet nie, maak dit jou nie onrein nie.”

Die geloof van ’n vrou wat nie ’n Jood was nie

(Ook Mark 7:24-30)

21Jesus het weggegaan na plekke naby die stede Tirus en Sidon.

22’n Kanaänitiese vrou van daardie stede het gekom en sy het aangehou skree. Sy het
gesê: “Here, Seun van Dawid, U moet asseblief jammer wees vir my en U moet my
help! Daar is ’n duiwel in my dogter en dit gaan baie sleg met haar.”

23Maar Jesus het nie die vrou geantwoord nie. Sy dissipels kom toe na Hom toe en
hulle het aangehou om vir Hom te vra: “Sê vir die vrou sy moet weggaan, want sy
loop saam met ons en sy hou aan skree.”

24Toe sê Jesus: “God het My gestuur net na die mense van Israel. Hulle is soos
verlore skape.”

25Maar die vrou het na Jesus toe gekom en sy het voor Hom gekniel en gesê: “Here,
help my asseblief!”

26Jesus het vir haar gesê: “Die Jode is die kinders van God. Dit is nie reg om die
kinders se brood te vat en dit vir die hondjies te gooi nie.”

27Die vrou sê toe vir Jesus: “Dit is waar, Here, maar ook die hondjies eet van die
krummels wat afval van die tafels van hulle eienaars.”

28Jesus het vir haar gesê: “Mevrou, jou geloof is groot. Wat jy wil hê, sal gebeur.” En
God het die vrou se dogter op daardie oomblik gesond gemaak.

Jesus maak baie siek mense gesond

(Ook Mark 7:31-32,35,37)

29Jesus het weggegaan en Hy het langs die See van Galilea gekom. Hy het teen die
berg opgegaan en daar gaan sit.

30’n Klomp mense het na Hom toe gekom. Hulle het mense saamgebring wat verlam
was, of blind, of kreupel, of doof en stom, en hulle het ook baie ander siek mense
gebring. Hulle het die siek mense voor Jesus se voete neergesit en Hy het hulle
gesond gemaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

31Die mense was verbaas toe hulle sien dat die mense wat doof en stom was, kan praat, dat die kreupel mense gesond is en dat die blindes kan sien. En hulle het die God van Israel geprys.

Jesus gee vir 4 000 mense kos

(Ook Mark 8:1-10)

32Jesus het sy dissipels na Hom toe geroep. Hy het vir hulle gesê: “Ek voel baie jammer vir al hierdie mense, want hulle is al drie dae by My en hulle het niks kos nie. Ek wil hulle nie honger wegstuur huis toe nie, want hulle sal flou word voordat hulle by die huis is.”

33Die dissipels vra toe vir Jesus: “Waar sal ons so baie brood kry dat ons vir hierdie klomp mense genoeg kan gee om te eet? Ons is ver van ’n stad, hier woon niemand nie.”

34Jesus vra toe vir hulle: “Hoeveel brood het julle?” En hulle sê vir Hom: “Ons het sewe brode en ’n paar klein vissies.”

35Jesus het toe vir al die mense gesê hulle moet op die grond gaan sit om te eet.

36Hy het die sewe brode en die visse geneem en vir God dankie gesê daarvoor. Daarna het Hy die brood gebreek en dit vir sy dissipels gegee, en die dissipels het dit vir die mense gegee.

37Almal het genoeg geëet. Sy dissipels het die stukkies opgetel wat oorgebly het, dit was sewe groot mandjies vol.

38Daar was 4 000 mans wat geëet het. Daar was ook nog vroue en kinders.

39Daarna het Jesus al die mense huis toe gestuur. Toe het Jesus in ’n boot geklim en na plekke naby die stad Magadan gegaan.

Matteus 16

Die Fariseërs en die Sadduseërs wil ’n wonderteken sien

(Ook Matt 12:38-39; Mark 8:11-13; Luk 11:16; 12:54-56)

1 Fariseërs en Sadduseërs het na Jesus toe gekom om Hom te toets en te kyk wat Hy doen. Daarom het hulle Hom gevra om vir hulle ’n wonderteken te wys wat van God kom.

2Maar Jesus het vir hulle gesê: “Wanneer die lug rooi is in die aand, dan sê julle dit sal mooiweer wees.

3Maar wanneer die lug vroeg in die oggend rooi en bewolk is, dan sê julle daar kom ’n storm. Julle kan na die lug kyk en die weer voorspel, maar julle verstaan nie die tekens wat wys wat nou gebeur nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Die slegte en sondige mense wat nou lewe, wil ’n wonderteken hê en ’n bewys sien.
God sal nie ’n wonderteken vir hulle wys nie. Hulle sal net een wonderteken sien, en
dit is die teken van Jona.” En Jesus het hulle daar gelos en weggegaan.

Jesus waarsku die dissipels teen die Fariseërs en die Sadduseërs

(Ook Mark 8:14-21)

5Die dissipels van Jesus het na die ander kant van die see gegaan en hulle het
vergeet om brood saam te neem.

6Jesus het vir hulle gesê: “Julle moet oppas, julle moet versigtig wees vir
die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van die Sadduseërs.”

7Die dissipels het daaroor met mekaar gepraat. Hulle het gedink Jesus sê dit omdat
hulle nie brood saamgeneem het nie.

8Jesus het geweet wat hulle dink en Hy het vir hulle gevra: “Hoekom praat julle so
met mekaar oor die brood wat julle nie het nie? Hoekom is julle geloof so min?

9Verstaan julle nog nie? Onthou julle die vyf brode wat genoeg was vir die 5 000
mense, en hoeveel mandjies vol julle opgetel het?

10En onthou julle die sewe brode vir die 4 000 mense, en hoeveel groot mandjies vol
julle opgetel het?

11Hoekom verstaan julle nie? Ek het nie oor brood met julle gepraat nie, nee, julle
moet oppas vir die suurdeeg van die Sadduseërs en die Fariseërs.”

12Toe het hulle verstaan dat Jesus nie gepraat het oor die suurdeeg wat in brood
gebruik word nie, maar dat Hy gesê het hulle moet oppas vir die dinge wat die
Fariseërs en Sadduseërs vir die mense leer.

Wie is Jesus?

(Ook Mark 8:27-30; Luk 9:18-21; Joh 6:67-69)

13Jesus het na plekke naby die stad Sesarea-Filippi gegaan. Hy vra toe vir sy dissipels:
“Wat sê die mense, wie is Ek, die Seun van die mens?”

14Die dissipels sê toe: “Party mense sê U is Johannes die Doper, party sê U is Elia, en
party sê U is Jeremia of een van die profete.”

15Jesus het vir hulle gevra: “Maar julle, wat sê julle? Wie sê julle is Ek?”

16Simon Petrus het Hom geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die God wat
lewe.”

17Jesus het geantwoord en vir hom gesê: “Simon seun van Jona, God sal jou seën.
Dit is nie ’n mens wat vir jou gehelp het om dit te weet nie, maar my Vader wat in die
hemel is.

18En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, die rots, en Ek sal my kerk op hierdie rots bou. Vyande
sal my kerk nie oorwin nie, die dood sal dit ook nie doen nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19Ek gee vir jou die sleutels van my huis. Jy sal oopsluit en jy sal toesluit. Jy sal vir
mense leer dat God Koning is oor hulle. Almal wat nie by jou die boodskap van God
wil leer nie, sal nie in die hemel kom nie, maar almal wat dit leer, sal in die hemel
kom."

20Toe het Jesus vir sy dissipels gesê hulle mag nie vir ander mense vertel dat Hy die
Christus is nie.

Jesus sê Hy sal sterf en weer lewe

(Ook Mark 8:31-33; Luk 9:22)

21Van toe af het Jesus vir sy dissipels begin verduidelik dat Hy na Jerusalem moet
gaan en dat die familieleiers, die priesterleiers en die skrifgeleerdes baie slegte
dinge sal doen aan Hom. Hulle sal Hom doodmaak, maar op die derde dag sal God
Hom weer laat lewe.

22Petrus het vir Jesus weggeneem van die ander dissipels en hy het met Hom begin
raas. Petrus het gesê: "Here, ek bid dat God dit sal keer, dit sal nooit met U gebeur
nie!"

23Jesus het omgedraai en vir Petrus gesê: "Gaan weg van My, Satan. Jy wil hê Ek
moet verkeerd doen. Jy dink nie aan wat God wil hê nie, jy dink aan wat die mense
wil hê."

Hoe 'n mens vir Jesus moet volg

(Ook Mark 8:34-9:1; Luk 9:23-27; Joh 12:25)

24Toe het Jesus vir sy dissipels gesê: "As iemand saam met My wil kom, dan moet hy
nie dink aan wat hy self graag wil hê nie. Hy moet lewe soos iemand wat weet dat hy
aan 'n kruis sal sterf. Dit is hoe hy My moet volg.

25Want as iemand homself wil red, dan sal hy sy lewe verloor. Maar as iemand sy
lewe verloor omdat hy lief is vir My, dan sal hy sy lewe red.

26As jy alles in die wêreld kry maar jy verloor jou lewe, dan help dit jou niks. Hoeveel
sal 'n mens betaal vir sy lewe?

27Want Ek, die Seun van die mens, sal gou saam met die engele kom om Koning te
wees soos my Vader Koning is. Dan sal Ek elke mens oordeel oor wat hy gedoen het.

28Ek sê vir julle, en dit is seker: Party mense wat hier staan, sal sien dat Ek, die Seun
van die mens, kom om Koning te wees. Hulle sal dit sien voordat hulle sterf."

Matteus 17

God sê Jesus is sy Seun

(Ook Mark 9:2-8; Luk 9:28-30,33-36)

1Ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Jakobus se broer Johannes saam met
Hom geneem tot op 'n hoë berg. Daar was nie ander mense by hulle nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Daar by hulle het Jesus toe skielik anders begin lyk. Sy gesig het soos die son geblink
en sy klere het soos lig geskyn.

3Skielik het Elia en Moses aan hulle verskyn en hulle het met Jesus gestaan en praat.

4Petrus sê toe vir Jesus: “Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, dan sal ek hier drie
tente opslaan, een tent vir U, een tent vir Moses en een tent vir Elia.”

5Petrus was nog besig om te praat, toe het ’n helder wolk oor hulle gekom. Hulle het
gehoor God praat uit die wolk. God het gesê: “ Dit is my Seun. Ek is lief vir Hom. Hy
maak My bly. Julle moet doen wat Hy sê.”

6Toe die dissipels dit hoor, het hulle baie bang geword en hulle het met hulle gesig
teen die grond gaan lê.

7Jesus het na hulle toe gekom en Hy het aan hulle geraak en gesê: “Staan op, moenie
bang wees nie.”

8Toe die dissipels opkyk, het hulle net vir Jesus gesien, niemand anders nie.

Jesus sê Elia het al klaar gekom

(Ook Mark 9:9-13)

9Jesus en sy dissipels het van die berg afgekom, en Jesus het vir hulle gesê: “Julle
moet vir niemand vertel wat julle gesien het nie. God moet My, die Seun van die
mens, eers weer laat lewe, dan mag julle dit vertel.”

10Die dissipels het vir Jesus gevra: “Hoekom sê die skrifgeleerdes dat Elia moet kom
voordat die Messias kom?”

11Jesus antwoord toe: “Dit is waar, Elia kom eers en hy sal alles gereedmaak.

12Maar Ek sê vir julle, Elia het al klaar gekom, maar die mense het nie geweet dat dit
hy is nie. Hulle het met hom alles gedoen wat hulle wou. So sal hulle ook baie slegte
dinge doen aan My, die Seun van die mens.”

13Toe het die dissipels verstaan dat Jesus aan Johannes die Doper gedink het toe Hy
met hulle oor Elia gepraat het.

Daar was ’n onrein gees in ’n seun, en Jesus het die seun gesond gemaak

(Ook Mark 9:14-29; Luk 9:37-42; 17:6)

14Jesus en sy dissipels het weer by die mense gekom. ’n Man het na Jesus toe gekom
en hy het voor Jesus gekniel

15en gesê: “Here, U moet asseblief jammer wees vir my seun, want hy
kry epileptiese aanvalle en hy kry baie swaar. Hy val baie maal in die water of in die
vuur.

16Ek het hom na u dissipels toe gebring en hulle kon hom nie gesond maak nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17 Jesus sê toe: “Julle glo nie en julle het sleg geword! Hoe lank moet Ek nog by julle
wees? Hoe lank moet Ek nog geduldig wees met julle? Bring die seun hiernatoe,
bring hom na My toe.”

18 Jesus het hard met die onrein gees gepraat. Die duiwel het toe uit die seun
uitgegaan en hy het dadelik gesond geword.

19 Die dissipels het na Jesus toe gekom en toe hulle alleen by Hom was, het hulle vir
Hom gevra: “Hoekom kon ons nie die onrein gees uitjaag nie?”

20 Jesus sê toe vir hulle: “Dit is omdat julle nie genoeg glo nie. Ek sê vir julle, en dit is
seker: As julle ’n bietjie geloof het, so klein soos ’n mosterd-saadjie, dan sal julle vir
hierdie berg kan sê: ‘Gaan weg, gaan na ’n ander plek,’ en die berg sal gaan. Julle sal
alles kan doen.”

21 Jesus praat die tweede maal oor sy dood

(Ook Mark 9:30-31; Luk 9:44-45)

22 Toe Jesus en die dissipels in Galilea saamgekom het, sê Hy vir hulle: “God sal My,
die Seun van die mens, vir die mense gee

23 sodat hulle My kan doodmaak. Maar op die derde dag sal God My weer laat lewe.”
Die dissipels het toe baie hartseer geword.

Tempel-belasting

24 Jesus en sy dissipels het in Kapernaum gekom. Die mense wat die tempel-
belasting kollekteer, kom toe na Petrus toe en vra vir hom: “Betaal julle meneer
tempel-belasting of nie?”

25 Petrus sê toe: “Ja, Hy betaal.” Toe Petrus in die huis inkom, het Jesus met Petrus
gepraat voordat Petrus kon praat. Jesus het vir hom gesê: “Simon, wat dink jy? Wie
moet vir die konings op die aarde tol en belasting betaal? Moet hulle kinders
belasting betaal, of moet die ander mense die belasting betaal?”

26 Petrus het gesê: “Die ander mense moet belasting betaal.” Toe sê Jesus: “Dan is die
konings se kinders vry, dan moet hulle nie belasting betaal nie.

27 Maar ons wil nie hierdie mense wat die belasting kollekteer, kwaad maak nie. Gaan
see toe, en vang die eerste vis wat byt. As jy sy bek oopmaak, dan sal jy ’n silwer
geldstuk in sy bek kry. Dit is genoeg om ons altwee se belasting te betaal, neem dit
en betaal ons tempel-belasting.”

Matteus 18

Wie is die belangrikste?

(Ook Mark 9:33-37; Luk 9:46-48; Joh 13:20)

1 ’n Kort tydjie daarna het die dissipels na Jesus toe gekom en vir Hom gevra: “Wie is
die belangrikste mens oor wie God regeer, God wat in die hemel is?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Jesus het ’n kindjie geroep om nader te kom en Hy het die kindjie voor hulle laat staan.

3Jesus het vir die dissipels gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Julle moet julle hele lewe verander en soos kinders word. As julle dit nie doen nie, dan sal julle nie by God kan kom nie, God die Koning wat in die hemel is.

4Elkeen wat soos hierdie kindjie dink hy is nie belangrik nie, hy sal die belangrikste mens wees oor wie God regeer, God wat in die hemel is.

5En wanneer iemand vir een so ’n kindjie wat aan My behoort, sê hy is welkom, dan sê so iemand Ek is ook welkom by hom.”

Dinge wat ’n mens laat ophou glo

(Ook Mark 9:42-47; Luk 17:1-2)

6“En as iemand een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat ophou glo, dan sal dit baie sleg gaan met hom. Dit sal vir hom beter wees as hulle ’n baie groot klip om sy nek vasmaak en hom op die diepste plek in die see laat verdrink.

7God sal dit sleg laat gaan met mense wat ander mense laat ophou glo. Daar sal altyd dinge wees wat mense laat ophou glo, maar dit sal sleg gaan met iemand wat ander mense laat ophou glo.

8As dit jou hand of jou voet is wat jou laat ophou glo, kap dit af en gooi dit weg. Dit is beter om net een hand of een voet te hê en die ewige lewe te kry as om twee hande en twee voete te hê en na die vuur te gaan wat altyd brand.

9As dit jou oog is wat jou laat ophou glo, ruk dit uit en gooi dit weg. Dit is beter om net een oog te hê en die ewige lewe te kry, as om met twee oë in die hel te brand.”

Die gelykenis van die skaap wat weggeraak het

(Ook Luk 15:3-7)

10Jesus het ook gesê: “Julle moet nooit dink dat een van hierdie kleintjies wat in My glo, nie belangrik is nie. Want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemel het wat altyd by my Vader is, my Vader wat in die hemel is.

11 12Wat sal gebeur wanneer ’n man 100 skape het, en een van hulle raak weg? Wat dink julle sal die man doen? Hy sal die ander 99 skape daar op die berg los en hy sal die een skaap gaan soek wat weggeraak het.

13Ek sê vir julle, en dit is seker: As hy die een skaap kry wat weg was, dan sal hy baie bly wees, hy sal blyer wees oor daardie skaap as oor die 99 skape wat nie weggeraak het nie.

14Julle Vader in die hemel wil ook nie hê een van hierdie mense moet verlore gaan nie, hierdie mense wat nie belangrik is nie.”

‘n Gelowige wat sonde doen

(Ook Luk 17:3)

© Bible Society of South Africa.

15“As een van die ander gelowiges sonde gedoen het teen jou, dan moet jy eers met
hom raas waar julle twee alleen is. As hy luister na jou, dan is hierdie gelowige weer
saam met jou.

16Maar as hy nie wil luister na jou nie, dan moet jy nog een of twee gelowiges saam
met jou neem. Die Ou Testament sê twee of drie getuies moet sê wat gebeur het.

17Maar as hy ook nie na hulle wil luister nie, dan moet jy dit vir die gemeente sê. En
as hy ook nie na die gemeente wil luister nie, dan moet hy vir julle wees soos
’n heiden en ’n tollenaar.

18Ek sê vir julle, en dit is seker: Almal wat nie by julle die boodskap van God wil leer
nie, sal nie in die hemel kom nie, maar almal wat dit leer, sal in die hemel kom.

19Ek sê vir julle nog iets, en dit is seker: Wanneer twee van julle hier op aarde bid en
saamstem oor enige iets wat julle vir God vra, dan sal my Vader wat in die hemel is,
dit vir hulle gee.

20Want waar twee of drie van julle bymekaar is om My te aanbid, daar is Ek by
hulle.”

Die gelykenis van die slaaf wat nie wou vergewe nie

(Ook Luk 17:4)

21Toe het Petrus na Jesus toe gekom en vir Hom gevra: “Here, hoeveel maal moet ek
’n ander gelowige vergewe wanneer hy sonde doen teen my? Moet ek hom baie
maal vergewe, tot sewe maal?”

22Jesus sê toe vir Petrus: “Ek sê vir jou: Jy moet hom nie net sewe maal vergewe nie,
maar sewentig maal sewe maal.

23Ek sê dit, want God wat in die hemel is, is Koning. Dit is soos wanneer ’n koning
besluit om te vra wat sy amptenare met sy geld gedoen het.

24En toe hy begin vra wat hulle gedoen het, het hulle een amptenaar na hom toe
gebring wat vir die koning 10 000 talente geskuld het.

25Die amptenaar kon nie sy skuld betaal nie, en daarom het die koning gesê hulle
moet die amptenaar verkoop, en ook sy vrou en sy kinders en alles wat hy gehad het.
Hulle moes die geld dan gebruik om sy skuld te betaal.

26“Die amptenaar het toe gekniel voor die koning en hy het hom gesoebat en gesê:
‘Jy moet asseblief geduldig wees met my. Ek sal alles terugbetaal wat ek vir jou
skuld.’

27Die koning was toe baie jammer vir die amptenaar. Hy het hom laat gaan en hy het
gesê dit is nie nodig dat die amptenaar die skuld betaal nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28Toe daardie amptenaar uitgaan, kry hy een van die ander amptenare wat vir hom
geld geskuld het, hy het net 100 silwer geldstukke geskuld. Hy gryp hom toe aan die
keel en begin om hom te wurg en hy sê: ‘Jy moet betaal wat jy vir my skuld!’

29Die ander amptenaar val toe op sy knieë voor hom en soebat en sê: ‘Jy moet
asseblief geduldig wees met my, ek sal alles terugbetaal wat ek vir jou skuld.’

30Maar die eerste amptenaar wou nie. Hy het gegaan en hy het die ander amptenaar
in die tronk laat gooi. Hy moes daar bly totdat hy die skuld betaal het.

31Toe die ander amptenare sien wat gebeur het, het hulle baie hartseer geword.
Hulle gaan toe en vertel vir die koning alles wat gebeur het.

32Toe roep die koning die eerste amptenaar en sê vir hom: ‘Jy is ’n slegte amptenaar!
Jy het gesoebat en ek het gesê jy mag die geld hou, dit is nie nodig dat jy daardie
skuld betaal nie.

33Jy moes ook jammer gewees het vir die ander amptenaar, soos ek jammer was vir
jou.’

34Die koning was baie kwaad. Hy het die amptenaar vir die tronkbewaarders gegee.
Hulle moes aanhou om hom te slaan totdat hy alles betaal het wat hy skuld.

35My Vader in die hemel sal dieselfde doen met julle as julle nie mekaar wil vergewe
nie. Julle moet dit doen met julle hele hart.”

Matteus 19

1Toe Jesus klaar gepraat het, het Hy weggegaan uit die provinsie Galilea. Hy het oor
die Jordaan-rivier gegaan en Hy het toe in die provinsie Judea gekom.

2Baie mense het saam met Hom gegaan en Hy het hulle daar gesond gemaak.

Getroude mense wat skei

(Ook Matt 5:31-32; Mark 10:1-12; Luk 16:18)

3Daar het Fariseërs na Jesus toe gekom. Hulle wou hê Jesus moes iets sê wat vir
Hom probleme kan gee. Hulle het vir Hom gevra: “Mag ’n man skei van sy vrou as hy
dink sy het iets verkeerd gedoen, dit maak nie saak wat dit is nie?”

4Jesus het hulle geantwoord: “Julle het gelees dat God wat in die begin alles gemaak
het, die mense so gemaak het dat hulle mans en vroue is.

5God het toe gesê: “ Daarom sal ’n man weggaan van sy pa en sy ma en hy sal saam
met sy vrou lewe. Hulle twee sal soos een mens wees.

6“Daarom is hulle nie meer twee mense nie, maar een. As God ’n man en ’n vrou
saamgebind het, dan mag hulle nie skei nie.”

7Die Fariseërs vra toe vir Jesus: “ Maar Moses het ’n wet gemaak dat ’n man vir sy
vrou ’n skeibrief moet gee wanneer hy van haar skei. Hoekom het hy dit gedoen?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Jesus het hulle geantwoord: “Dit is omdat julle so hardkoppig is. Daarom het Moses gesê julle mag van julle vroue skei. Maar in die begin toe God die mense gemaak het, was dit nie so nie.

9Ek sê vir julle: As ’n man van sy vrou skei, en met ’n ander vrou trou, dan pleeg hy egbreuk. ’n Man kan net van sy vrou skei as sy seks gehad het met ’n ander man.”

10Jesus se dissipels sê toe vir Hom: “As dit so is met ’n man en ’n vrou wat met mekaar getroud is, dan is dit beter om nie te trou nie.”

11Maar Jesus antwoord hulle: “Dit is nie al die mense wat kan verstaan wat Ek gesê het nie, net die mense vir wie God help, kan dit verstaan.

12Daar is mans wat nie kan trou nie omdat hulle so gebore is. Daar is ook mans wat nie kan trou nie omdat ander mense hulle ontman het. En daar is mans wat nie trou nie sodat hulle kan doen wat God wil hê, God, die Koning wat in die hemel is. Elkeen wat dit kan verstaan, moet dit doen.”

Jesus seën kindertjies

(Ook Mark 10:13-16; Luk 18:15-17)

13Toe het die mense kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy sy hande op hulle kon sit en vir hulle kon bid. Maar die dissipels het met hulle geraas.

14Jesus sê toe vir hulle: “Laat die kinders na My toe kom en moenie hulle keer nie, want God wat in die hemel is, is Koning oor mense soos hulle.”

15Jesus het sy hande op die kindertjies gesit en Hy het daar weggegaan.

Geld en rykdom

(Ook Mark 10:17-31; Luk 18:18-30)

16Iemand het na Jesus toe gekom en vir Hom gevra: “Meneer, watter goeie ding moet ek doen om die ewige lewe te kry?”

17Maar Jesus het vir hom gesê: “Hoekom vra jy vir My wat is goed? Daar is net Een wat goed is, en dit is God. Maar as jy die ewige lewe wil kry, dan moet jy gehoorsaam wees aan God se wette.”

18Die man sê toe: “Watter wette?” Jesus het vir hom gesê: “ Jy mag nie iemand doodmaak nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie oor ander mense lieg nie,

19jy moet jou ouers respekteer,” en “ jy moet lief wees vir jou naaste soos jy lief is vir jouself.”

20Die jongman sê toe vir Jesus: “Ek het alles gedoen wat God se wette sê. Wat moet ek nóg doen?”

21Jesus het vir hom gesê: “As jy waarlik alles wil doen wat God se wette sê, dan moet jy alles gaan verkoop wat jy het en jy moet die geld vir die arm mense gee. As jy dit doen, dan sal jy ryk wees in die hemel. Kom dan hier en gaan saam met My.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Toe die jongman hoor wat Jesus sê, was hy baie hartseer en hy het weggegaan, want hy was baie ryk.

23Jesus het vir sy dissipels gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Dit sal baie moeilik wees vir ’n ryk mens om in te kom waar God Koning is, God wat in die hemel is.

24Ek sê dit weer vir julle: ’n Ryk mens sal moeilik inkom waar God Koning is, God wat in die hemel is. ’n Kameel sal makliker deur die oog van ’n naald kan gaan.”

25Toe die dissipels dit hoor, was hulle verbaas en hulle het gesê: “As dit so is, wie sal dan kan inkom waar God Koning is?”

26Jesus het lank na hulle gekyk en Hy het vir hulle gesê: “Mense kan nie self inkom nie, maar God kan hulle laat inkom. God kan alles doen wat Hy wil doen.”

27Petrus het geantwoord en vir Jesus gesê: “Kyk na ons, ons het alles gelos wat ons gehad het en ons gaan saam met U. Wat sal ons kry?”

28Jesus het vir hulle gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Daar sal ’n dag kom wanneer God die wêreld en alles nuut sal maak, en Ek, die Seun van die mens, sal dan op my troon sit en Ek sal Koning wees. Dan sal julle wat saam met My gaan, op twaalf trone sit en julle sal regeer oor die twaalf stamme van Israel.

29En elkeen wat sy huis los of sy broers of sy susters of sy pa of sy ma of sy kinders of sy grond waarop hy gewoon het, elkeen wat dit doen omdat hy gehoorsaam is aan My, sal baie meer kry. Hy sal die ewige lewe kry.

30Baie mense wat nou belangrik is, sal dan onbelangrik wees, en mense wat nou onbelangrik is, sal dan belangrik wees.”

Matteus 20

Die werkers in die wingerd

1Jesus het gesê: “In die hemel waar God Koning is, is dit soos ’n man wat een oggend vroeg uitgegaan het om werkers te huur om in sy wingerd te werk.

2Hy het met die werkers gepraat en hulle het saamgestem dat hy vir elke werker een silwer geldstuk sal gee. Toe het hy hulle na sy wingerd gestuur om te gaan werk.

3Omtrent nege-uur het hy weer na die mark gegaan en hy het daar nog ander werkers sien staan wat nie gewerk het nie.

4Hy sê toe vir hulle: ‘Julle mag ook in my wingerd gaan werk, dan sal ek vir julle gee wat julle moet kry.’

5Hulle het toe gegaan. Die man het omtrent twaalfuur en omtrent drie-uur weer gegaan en hy het weer werkers gehuur.

© Bible Society of South Africa.

6Toe dit omtrent vyfuur was, het hy weer gegaan en hy het ander werkers gesien wat
nog daar staan. Toe sê hy vir hulle: ‘Hoekom staan julle die hele dag hier en julle
werk nie?’

7Hulle sê toe vir hom: ‘Omdat niemand vir ons werk gegee het nie.’ Toe sê hy vir
hulle: ‘Julle mag ook in my wingerd gaan werk.’

8En toe dit aand geword het, sê die man vir sy voorman: ‘Roep die werkers en betaal
hulle wat hulle verdien het. Betaal eerste die werkers wat laaste begin werk het en
dan die werkers wat eerste begin werk het.’

9Die werkers wat omtrent vyfuur begin werk het, kom toe en hulle kry elkeen die
geld wat ’n werker gewoonlik kry wanneer hy die hele dag gewerk het.

10Die werkers wat eerste begin werk het, kom toe en hulle dink dat hulle meer geld
sal kry. Maar hulle het ook elkeen een silwer geldstuk gekry.

11Hulle neem toe die geld, maar hulle het by die man gaan kla

12en gesê: ‘Hierdie werkers wat laaste begin werk het, het net een uur gewerk, maar
jy het vir hulle dieselfde gegee as vir ons, ons wat die hele dag hard in die son gewerk
het.’

13Die man sê toe vir een van hulle: ‘My vriend, ek doen niks verkeerd aan jou nie.
Onthou jy, jy het met my saamgestem dat jy een silwer geldstuk sal kry.

14Jy moet jou geld neem en gaan. Ek het besluit ek gee vir die werker wat laaste
begin werk het, dieselfde as vir jou.

15Ek kan doen met my geld wat ek wil, dit weet jy. Hoekom is jy jaloers omdat ek vir
hulle goed is?’

16Baie mense wat nou onbelangrik is, sal belangrik wees, en mense wat nou
belangrik is, sal onbelangrik wees.”

Jesus sê die derde maal Hy sal sterf en weer lewe

(Ook Mark 10:32-34; Luk 18:31-33)

17Jesus was op die pad na Jerusalem. Hy het met die twaalf dissipels alleen gepraat
en vir hulle gesê:

18“Luister, ons gaan na Jerusalem. Iemand sal My, die Seun van die mens, vir die
priesterleiers en vir die skrifgeleerdes gee, en hulle sal besluit dat Ek moet sterf.

19Dan sal hulle My vir die heidene gee, en die heidene sal My spot en My met
’n sweep slaan en My kruisig. Maar op die derde dag sal God My weer laat lewe.”

Jakobus en Johannes wil langs Jesus sit

(Ook Mark 10:35-45; Luk 22:24-27)

20Die ma van die seuns van Sebedeus het saam met haar seuns na Jesus toe gekom.
Sy het voor Hom gekniel om vir Hom iets te vra.

© Bible Society of South Africa.

21Jesus het vir haar gevra: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” Sy sê toe vir Hom:
“U sal koning wees oor almal. Belowe dat U dan vir hierdie twee seuns van my die
sitplekke langs U sal gee, een regs langs U en een links langs U.”

22Jesus het vir haar gesê: “Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle swaarkry soos Ek
moet swaarkry? Kan julle uit die beker drink waaruit Ek moet drink?” Hulle
antwoord Hom: “Ons kan dit doen.”

23Toe sê Jesus vir hulle: “Ja, julle sal uit dieselfde beker drink waaruit Ek moet drink.
Maar Ek kan nie besluit wie regs langs My en wie links langs My sal sit nie. My Vader
het klaar besluit wie daar moet sit.”

24Toe die ander tien dissipels hoor wat die twee broers se ma gevra het, het hulle
kwaad geword vir die broers.

25Jesus het die dissipels na Hom toe geroep en Hy het vir hulle gesê: “Julle weet daar
is mense wat oor ander mense regeer en wat hulle verdruk, daar is belangrike mense
wat altyd hard wil regeer oor ander mense.

26Dit moenie so wees by julle nie. As een van julle die belangrikste wil wees, dan
moet hy die ander dien.

27As een van julle bo die ander wil wees, dan moet hy almal se slaaf wees.

28Julle moet wees soos Ek is. Ek, die Seun van die mens, het gekom, maar nie sodat
almal My moet dien nie. Ek het gekom om mense te dien en om my lewe te gee en te
sterf. So sal Ek betaal om baie mense vry te maak van hulle sonde.”

Jesus maak twee blinde mense gesond

(Ook Matt 9:27-31; Mark 10:46-52; Luk 18:35-43)

29Toe Jesus en sy dissipels uit Jerigo uitgaan, het baie mense saam met hulle geloop.

30Daar het twee blindes langs die pad gesit. Toe hulle hoor Jesus gaan daar verby,
het hulle hard begin skree: “Here, Seun van Dawid, U moet asseblief jammer wees
vir ons en ons help!”

31Baie mense het met hulle geraas en vir hulle gesê hulle moet stilbly, maar hulle het
nog harder geskree: “Here, Seun van Dawid, U moet asseblief jammer wees vir ons
en ons help!”

32Jesus het gaan staan en Hy het hulle geroep en gesê: “Wat wil julle hê moet Ek vir
julle doen?”

33Hulle sê toe: “Here, ons wil graag sien.”

34Jesus was baie jammer vir hulle en Hy het aan hulle oë geraak. Die mans kon
dadelik sien en hulle het Jesus gevolg.

Matteus 21

© Bible Society of South Africa.

Jesus ry op ’n donkie in Jerusalem in

(Ook Mark 11:1-11; Luk 19:28-38; Joh 12:12-19)

1Jesus en sy dissipels het naby Jerusalem gekom, by die dorpie Betfage op die Olyf-
berg. Jesus stuur toe twee van sy dissipels

2en Hy sê vir hulle: “Gaan na die dorpie hier voor julle, julle sal ’n donkie en haar vulletjie kry. Julle moet die donkie losmaak en hulle na My toe bring.

3En wanneer iemand vir julle iets daaroor sê, dan moet julle sê: Die Here wil hulle gebruik, maar Hy sal hulle dadelik weer terugstuur.”

4Dit het alles gebeur sodat dit waar kan word wat die Here gesê het toe Hy die profeet gestuur het.

5Hy het gesê: “ Sê vir Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe. Hy is nederig en Hy ry op ’n donkie, op ’n jong donkie, ’n donkie-vul.”

6Die twee dissipels het toe gegaan en hulle het gedoen wat Jesus vir hulle gesê het.

7Die dissipels het die donkie en haar vulletjie gebring en hulle het van hulle klere oor die donkies gegooi. Jesus het op die donkie gaan sit.

8Daar was baie mense. Hulle het van hulle klere oopgegooi op die pad. Ander mense het takke van bome afgekap en hulle het dit op die pad gegooi.

9Die groot klomp mense wat voor Jesus geloop het en die ander mense wat Hom gevolg het, het aangehou om hard te skree en te sê: “Prys die Seun van Dawid! Prys die Man wat kom! Die Here het Hom gestuur om sy werk te kom doen! Prys God in die hoogste hemel.”

10Toe Jesus in Jerusalem kom, het almal in die stad baie opgewonde geword en gevra: “Wie is hierdie man?”

11En die mense het gesê: “Dit is die profeet Jesus van die stad Nasaret in die provinsie Galilea.”

Jesus jaag die verkopers uit die tempel

(Ook Mark 11:15-17; Luk 19:45-46,39-40; Joh 2:13-17)

12Jesus het na die tempel-gronde gegaan. Daar was mense besig om goed te koop en te verkoop. Jesus het hulle almal uitgejaag. Hy het die tafels omgegooi van die mense wat die geld omgeruil het en ook die stoele van die mense wat duiwe verkoop het.

13Jesus het gesê in die Ou Testament is geskryf: “God het gesê: Die mense sal sê my tempel is ’n plek waar mense moet bid. Maar julle verander dit, dit is nou ’n plek waar diewe bymekaarkom.”

14Blindes en kreupeles het na Jesus toe gekom in die tempel, en Hy het hulle gesond gemaak.

© Bible Society of South Africa.

15Die priesterleiers en die skrifgeleerdes het die wonderlike dinge gesien wat Jesus gedoen het en hulle het gehoor hoe die kinders op die tempel-gronde hard skree en sê: “Prys die Seun van Dawid!” Toe het die priesterleiers en skrifgeleerdes kwaad geword

16en hulle het vir Jesus gesê: “Hoor jy wat die kinders sê?” Jesus sê toe vir hulle: “Ja. Julle kan dit lees: ‘ U laat klein kindertjies oor u krag sing.’ ”

17Jesus het hulle daar gelos en Hy het uit Jerusalem na die stad Betanië gegaan. Hy het die nag daar gebly.

Jesus vervloek ’n vyeboom

(Ook Mark 11:12-14,20-25)

18Vroeg die volgende oggend het Jesus teruggegaan na Jerusalem en Hy het honger geword.

19Hy het ’n vyeboom langs die pad gesien en Hy het daarnatoe gegaan. Toe Hy by die boom kom, sien Hy daar is niks vye nie, net blare. Jesus sê toe vir die boom: “Jy sal nooit weer vye dra nie, dit is seker.” En dadelik het die vyeboom doodgegaan.

20Toe die dissipels dit sien, was hulle verbaas en hulle het gevra: “Hoekom het die vyeboom so skielik doodgegaan?”

21Jesus het geantwoord: “Ek sê vir julle, en dit is seker: As julle glo en nie twyfel nie, dan sal julle kan doen wat Ek met die vyeboom gedoen het. Julle sal meer kan doen. As julle vir hierdie berg sê: ‘Tel jouself op en gooi jouself in die see,’ dan sal dit gebeur.

22En as julle glo wanneer julle bid en iets vra, dan sal God dit alles vir julle gee.”

Die mense wil weet wie het gesê Jesus mag hierdie dinge doen

(Ook Mark 11:27-33; Luk 20:1-8)

23Jesus het weer na die tempel-gronde gegaan. Hy was besig om vir die mense te leer, en toe het die priesterleiers en die familieleiers van die volk na Hom toe gekom. Hulle het vir Hom gevra: “Hoekom dink jy dat jy hierdie dinge mag doen? Wie het gesê jy mag dit doen?”

24Maar Jesus het vir hulle gesê: “Ek sal vir julle ook een vraag vra. As julle vir My antwoord, dan sal Ek vir julle sê wie gesê het Ek mag hierdie dinge doen.

25Johannes die Doper het mense gedoop. Wie het hom gestuur om dit te doen? Was dit God, of was dit die mense?” Die priesterleiers en die familieleiers het daaroor met mekaar gepraat en gesê: “As ons sê: ‘God het hom gestuur,’ dan sal Jesus vir ons vra: ‘Hoekom het julle nie geglo wat Johannes gesê het nie?’

26Maar ons is bang die mense sal vir ons kwaad wees as ons sê: ‘Dit was mense wat vir Johannes gestuur het om te doop,’ want almal dink Johannes is ’n profeet.”

© Bible Society of South Africa.

27Daarom het die priesterleiers en die familieleiers vir Jesus gesê: “Ons weet nie.”
Toe sê Jesus vir hulle: “Dan sal Ek ook nie vir julle sê wie het vir My gesê Ek mag
hierdie dinge doen nie.”

Die gelykenis van die twee seuns

28Jesus het gesê: “Wat dink julle, wie het reg gedoen? ’n Man het twee kinders
gehad. Hy het na die eerste seun toe gegaan en vir hom gesê: ‘Kind, gaan werk
vandag in my wingerd.’

29Die seun het geantwoord: ‘Ek wil nie gaan nie.’ Maar later was hy jammer en hy
het gaan werk.

30Die man het daarna na die tweede seun toe gegaan en dieselfde vir hom gesê. Die
seun het geantwoord: ‘Pa, ek sal gaan.’ Maar hy het nie gegaan nie.”

31Jesus vra toe vir die priesterleiers en die familieleiers: “Watter seun het gedoen
wat sy pa wou hê?” Hulle het gesê: “Die eerste seun.” Toe sê Jesus vir hulle: “Ek sê
vir julle, en dit is seker: Die tollenaars en die prostitute sal voor julle ingaan daar
waar God Koning is.

32Want Johannes die Doper het gekom om vir julle te wys hoe God wil hê julle moet
lewe, en julle het hom nie geglo nie, maar die tollenaars en die prostitute het hom
geglo. En toe julle dit sien, was julle nie later jammer nie, julle het nie vir Johannes
geglo nie.”

Die gelykenis van die wingerd

(Ook Mark 12:1-12; Luk 20:9-19)

33Jesus het gesê: “Luister na nog ’n gelykenis. Daar was ’n man wat ’n
klomp wingerdstokke op sy grond geplant het. Hy het ’n muur rondom die wingerd
gebou en ’n parskuip gereedgemaak. Hy het ook ’n hoë toring gebou waarop
iemand kon staan om die wingerd op te pas. Daarna het hy die wingerd verhuur aan
ander mense. Toe het hy weggegaan.

34Toe dit tyd word om die druiwe te pluk, het hy slawe na die mense toe gestuur om
die druiwe te gaan haal wat hy moes kry.

35Die mense het sy slawe gegryp. Hulle het die een slaaf geslaan, hulle het een slaaf
doodgeslaan en een slaaf doodgegooi met klippe.

36Daarna het die eienaar ander slawe gestuur, meer as die eerste klomp slawe. En
die mense het dieselfde met hulle gedoen soos met die eerste groep.

37“Laaste het die eienaar sy seun na hulle toe gestuur, want hy het gedink hulle sal sy
seun respekteer.

38Toe die mense die eienaar se seun sien, het hulle vir mekaar gesê: ‘Hierdie seun sal
eendag al die eienaar se goed kry. Kom ons maak hom dood, dan vat ons alles vir
onsself.’

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

39Hulle het die seun toe gegryp, hom uit die wingerd uitgegooi en hom doodgemaak.

40Wat dink julle? Wat sal die eienaar van die wingerd met daardie mense doen wanneer hy kom?”

41Die priesterleiers en die familieleiers sê toe vir Jesus: “Hy sal daardie slegte mense swaar straf. Hy sal hulle doodmaak en hy sal die wingerd vir ander mense gee wat op die regte tyd vir hom die vrugte sal gee wat hy moet kry.”

42Toe sê Jesus vir hulle: “Het julle hierdie woorde in die Ou Testament gelees: “ Die klip wat die bouers nie wou gebruik nie, daardie klip het die belangrikste klip in die hele gebou geword. Dit is die Here se werk, en dit is vir ons wonderlik?

43“Daarom sê Ek vir julle: Julle sal nie meer daar kan wees waar God Koning is nie, ander mense sal daar wees, mense wat vir Hom die vrugte sal gee wat Hy moet kry.

44Elkeen wat val oor die klip wat die bouers weggegooi het, sal sy bene breek en sterf. En as daardie klip op iemand val, dan sal die klip hom doodval.”

45Toe die priesterleiers en die Fariseërs Jesus se gelykenisse hoor, het hulle geweet Hy vertel dit om te wys hulle is soos daardie slegte mense.

46Hulle het toe probeer om Jesus te laat vang en toe te sluit. Maar hulle was bang vir die mense, want die mense het gedink Jesus is ’n profeet.

Matteus 22

Die gelykenis van die groot fees-ete

(Ook Luk 14:15-24)

1Jesus het weer vir die mense gelykenisse vertel. Hy het gesê:

2“Waar God wat in die hemel is, Koning is, is dit soos wanneer ’n koning ’n fees-ete gehou het vir sy seun wat getrou het.

3Hy het mense na die troue genooi, en hy het sy slawe gestuur om die mense te gaan roep om te kom. Maar die mense wou nie kom nie.

4Die koning het ander slawe gestuur en vir hulle gesê: ‘Sê vir die mense wat ek genooi het: Alles is nou gereed vir my fees-ete. Ek het beeste en vet kalwers laat slag, en alles is gereed. Kom na die fees-ete.’

5Maar die mense wat genooi was, wou nie kom nie, hulle het weggegaan. Een man het na sy stuk grond gegaan, en ’n ander man na sy besigheid.

6Ander mense het sy slawe gegryp, hulle het slegte dinge gedoen aan sy slawe en hulle het die slawe doodgemaak.

7Die koning het toe kwaad geword, en hy het sy soldate gestuur om daardie moordenaars dood te maak en hulle stad te verbrand.

© Bible Society of South Africa.

8Die koning sê toe vir sy slawe: ‘Alles is gereed vir die fees-ete, maar die mense wat
ek genooi het, was nie die regte mense om na die fees te kom nie.

9Gaan nou na die plekke waar die hoofpaaie uit die stad uitgaan en nooi almal wat
julle sien om te kom na die fees-ete.’

10Die slawe het toe uitgegaan op die paaie en hulle het almal bymekaargemaak wat
hulle gesien het, slegte mense en goeie mense. Die saal vir die fees-ete het vol
geword van die mense wat kom eet het.

11Toe die koning in die saal ingaan om die mense te groet, sien hy daar is iemand wat
nie fees-klere aan het nie.

12Die koning het vir hom gesê: ‘My vriend, hoe het jy hier ingekom? Jy dra nie die
regte klere vir ’n fees nie.’ Maar die man kon nie sê hoekom hy nie die regte klere
aangetrek het nie.

13Toe sê die koning vir sy slawe: ‘Bind sy hande en voete vas en gooi hom in
die donker plek. Daar sal die mense huil en hard op hulle tande byt van die pyn.’

14Want God nooi baie mense, maar Hy kies net ’n paar mense.”

Aan wie die mense belasting moet betaal

(Ook Mark 12:13-17; Luk 20:20-26)

15Die Fariseërs het toe gaan planne maak. Hulle wou hê Jesus moet iets sê wat
verkeerd is, hulle wou hê Hy moet probleme kry.

16Hulle stuur toe hulle leerlinge saam met Herodiane na Jesus toe om vir Hom te sê:
“Meneer, ons weet jy praat altyd die waarheid. Jy leer vir die mense wat God wil hê
hulle moet doen, en alles wat jy vir hulle leer, is waar. Jy is nie bang vir wat die
mense van jou sê nie. Jy kyk nie wie mense is nie, jy doen dieselfde aan almal.

17Maar sê vir ons: Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal of nie?”

18Maar Jesus het geweet hulle is slegte mense en Hy het vir hulle gesê:
“Julle skynheilige mense, hoekom wil julle hê Ek moet iets sê wat vir My probleme
kan gee?

19Bring vir My die geldstuk waarmee mense belasting betaal.” Hulle bring toe vir
Jesus ’n silwer geldstuk,

20en Hy vra vir hulle: “Wie se kop en wie se naam is op hierdie geld?”

21Hulle het vir Hom gesê: “Dit is die keiser se kop en sy naam.” Jesus sê toe vir hulle:
“Julle moet aan die keiser betaal wat aan die keiser behoort, en julle moet ook aan
God betaal wat aan God behoort.”

22Toe hulle dit hoor, was hulle verbaas en hulle het weggegaan van Jesus.

Mense wat gesterf het, sal weer lewe

(Ook Mark 12:18-27; Luk 20:27-40)

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Daardie dag het ’n paar Sadduseërs na Jesus toe gekom. Die Sadduseërs het nie geglo dat die mense wat dood is, weer sal lewe nie. Hulle het vir Jesus gesê:

24“Meneer, Moses het in sy wette geskryf wat ons moet doen. Moses het gesê: ‘ Wanneer ’n man sterf en sy vrou lewe nog, en hulle het nie kinders nie, dan moet sy broer met die weduwee trou. Wanneer die vrou dan kinders kry, dan sal dit sy broer wat dood is, se nageslag wees.’

25“Daar was sewe broers hier by ons. Die oudste broer het getrou. Hy het gesterf, maar hy het nie kinders gehad nie. Daarom het die tweede broer met die oudste broer se weduwee getrou.

26Dieselfde het gebeur met die tweede broer en met die derde broer en met al die ander broers tot die sewende broer.

27Later het die vrou ook gesterf.

28Nou vra ons: Wie se vrou sal sy wees wanneer almal wat dood is, weer lewe? Want die sewe broers was almal met haar getroud.”

29Jesus het vir hulle gesê: “Julle is heeltemal verkeerd. Dit is omdat julle nie die Ou Testament en die krag van God ken nie.

30Wanneer die mense weer lewe, dan sal hulle nie getroud wees nie, en hulle sal nie trou nie. Hulle sal dan wees soos die engele in die hemel.

31Julle vra oor mense wat gesterf het wat weer sal lewe. Maar het julle nie gelees nie? God het vir julle gesê:

32‘ Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob.’ “God is nie die God van dooie mense nie, Hy is die God van mense wat lewe.”

33Toe hulle dit hoor, was al die mense baie verbaas oor wat Jesus vir hulle geleer het.

Die belangrikste wet in die Ou Testament

(Ook Mark 12:28-31; Luk 10:25-27)

34Die Fariseërs het gehoor Jesus het die Sadduseërs so goed geantwoord dat die Sadduseërs nie geweet het wat om nog te vra nie. Die Fariseërs het toe bymekaargekom.

35Een van hulle wat die Joodse wette goed geken het, wou hê Jesus moet iets sê wat vir Hom probleme sal gee.

36Hy het vir Jesus gevra: “Wat is die belangrikste wet van die Here?”

37Jesus het vir hom gesê: “ ‘ Jy moet vir jou God die Here lief wees met jou hele hart en met jou hele lewe en met jou hele verstand.’

38Dit is die eerste en belangrikste wet.

© Bible Society of South Africa.

39Die tweede wet is net so belangrik. Dit is: ‘ Jy moet lief wees vir jou naaste soos jy lief is vir jouself.’

40“Hierdie twee wette sê alles wat die Wette van Moses en die boeke van die profete vir ons leer.”

Is die Christus die Seun van Dawid?

(Ook Mark 12:35-37; Luk 20:41-44)

41Toe die Fariseërs daar bymekaar was, het Jesus vir hulle gevra:

42“Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?” Hulle het gesê: “Hy is die Seun van Dawid.”

43Jesus sê toe vir hulle: “Hoekom het die Heilige Gees vir Dawid gesê hy moet die Christus ‘Here’ noem?

44“Dawid het gesê: “ Die Here het vir my Here, die Koning, gesê: Sit hier langs My, op die belangrikste plek. Ek sal jou vyande voor jou laat buig, en jy sal jou voete op hulle sit.

45“Dawid self noem die Christus ‘Here.’ Hoe kan die Christus dan Dawid se seun wees?”

46Niemand kon vir Jesus antwoord nie. Van daardie dag af wou niemand weer vir Jesus iets vra nie.

Matteus 23

Jesus waarsku die mense teen die godsdienstige leiers

(Ook Mark 12:37-40; Luk 20:45-47; 11:39-52)

1Jesus het toe vir die mense en vir sy dissipels gesê:

2“Die skrifgeleerdes en die Fariseërs is die mense wat die Wette van Moses kan verduidelik.

3Daarom moet julle alles doen wat hulle vir julle sê, julle moet gehoorsaam wees. Maar julle moenie doen wat hulle doen nie, want hulle sê wat julle moet doen, maar hulle doen dit nie self nie.

4Hulle wil hê mense moet dinge doen wat die wette sê, maar hulle laat die mense swaarkry, soos wanneer die mense goed op hulle skouers moet dra wat te swaar is vir hulle. Maar die skrifgeleerdes en die Fariseërs wil self niks doen om die mense te help nie.

5Hulle doen alles sodat die mense hulle moet sien. Hulle maak die gebedsdosies baie groot, en die tossels aan hulle klere baie lank.

6“Hulle sit graag op die belangrikste plekke by die feeste en in die sinagoges.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

7Hulle wil hê die ander mense moet hulle groet op die plekke in die stad waar die mense bymekaarkom, en hulle hou daarvan dat die mense vir hulle ‘ Rabbi’ sê.

8“Maar julle moenie dat mense vir julle ‘Rabbi’ sê nie, want daar is net een Persoon wat vir julle leer, en julle is almal mekaar se broers.

9Julle moenie hier op die aarde vir iemand ‘ Vader’ noem nie, want daar is net een Persoon wat julle Vader is, en dit is julle Vader in die hemel.

10Julle moenie dat mense vir julle ‘ leermeester’ noem nie, want net die Christus is julle Leermeester.

11Die persoon wat by julle die belangrikste is, hy moet die ander dien.

12As iemand dink hy is belangrik, dan sal God hom onbelangrik maak. En as iemand dink hy is onbelangrik, dan sal God hom belangrik maak.

13“Dit sal sleg gaan met julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, julle wat skynheilige mense is. Dit sal sleg gaan met julle, want julle keer mense sodat hulle nie kan ingaan na God nie, God die Koning wat in die hemel is. Julle gaan self nie in nie en julle laat nie die mense ingaan wat wil ingaan nie.

14

15“Dit sal sleg gaan met julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, julle is skynheilige mense. Julle gaan oral oor die see en in al die lande om een mens te leer om God te aanbid soos julle dit doen. En wanneer iemand soos julle geword het, dan maak julle hom twee maal slegter as julleself en dan gaan hy hel toe.

16“Dit sal sleg gaan met julle, julle is soos blinde mense wat vir ander blindes wil wys waar hulle moet loop. Julle sê: ‘As iemand iets belowe en hy sê die tempel is die getuie, dan maak dit nie saak as hy nie doen wat hy belowe het nie. Maar as iemand iets belowe en hy sê die goud van die tempel is die getuie, dan moet hy doen wat hy belowe het.’

17Julle is blind en dwaas. Wat is die belangrikste: die goud of die tempel? Want die tempel maak die goud gewyd.

18En julle sê: ‘As iemand iets belowe en hy sê die altaar is die getuie, dan maak dit nie saak as hy nie doen wat hy belowe het nie. Maar as iemand iets belowe en hy sê die offer aan God op die altaar is die getuie, dan moet hy doen wat hy belowe het.’

19Julle is blind! Wat is die belangrikste: die offer of die altaar wat die offer gewyd maak?

20Iemand wat iets belowe en sê die altaar is sy getuie, belowe dit en sê die altaar en alles daarop is sy getuie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21En iemand wat iets belowe en sê die tempel is sy getuie, belowe dit en sê die tempel en God wat in die tempel woon, is sy getuie.

22En iemand wat iets belowe en sê die hemel is sy getuie, belowe dit en sê die troon van God en God wat op die troon sit, is sy getuie.

23"Dit sal sleg gaan met julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, julle is skynheilige mense. Want julle gee tiendes, ook van kruisement, anys en koljander, maar julle doen nie die belangrikste dinge wat die wette van God vra nie. Die belangrikste dinge is: Julle moet reg doen aan mense, julle moet goed wees vir mense en julle moet doen wat julle belowe het. Hierdie dinge moet julle doen en julle moenie ophou om tiendes te gee nie.

24Julle is blindes wat vir ander blindes wil wys waar hulle moet loop. Julle is soos mense wat water deur 'n doek gooi sodat hulle nie 'n klein muggie sal insluk nie, maar hulle sluk 'n kameel in.

25"Dit sal sleg gaan met julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, julle wat skynheilige mense is. Julle maak die buitekant van julle bekers en borde skoon, maar julle het alles gevat wat in die bekers en op die borde is, julle het dit van ander mense gevat omdat julle net vir julleself wil sorg.

26Fariseër, jy wat blind is, jy moet eers die binnekant van die beker skoonmaak, dan sal die buitekant ook skoon wees.

27"Dit sal sleg gaan met julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, julle is skynheilige mense. Julle is soos grafte wanneer mense dit wit geverf het. Die buitekant lyk mooi, maar binne-in is dit vol bene van dooie mense en ander dinge wat onrein is.

28Julle is ook so: Wanneer mense na julle kyk, dan lyk julle soos mense wat gehoorsaam is aan die wette van die Here, maar in julle harte is julle skynheilig en doen julle nie wat God se wette sê nie.

29"Dit sal sleg gaan met julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, julle is skynheilige mense. Julle bou grafkamers vir die profete en julle maak die monumente mooi vir die mense wat gehoorsaam was aan die wette van die Here.

30"Julle sê: 'As ons gelewe het in die tyd toe ons voorouers gelewe het, dan sou ons nie vir hulle gehelp het om die profete te vermoor nie.'

31So sê julle self dat julle die nageslag is van die mense wat die profete vermoor het.

32Julle moet klaarmaak wat julle voorouers begin het!

33Julle is soos slange, soos 'n klomp adders! Wie het vir julle gesê julle kan vlug sodat God julle nie sal straf in die hel nie?

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34Daarom, Ek sal nou profete en wyse mense en skrifgeleerdes na julle toe stuur. Julle sal party van hulle doodmaak en kruisig. Julle sal party van hulle met swepe slaan in julle sinagoges, en julle sal hulle jaag en in elke stad laat swaarkry.

35Ek stuur hulle sodat God vir julle kan straf omdat julle baie onskuldige mense op die aarde vermoor het. Julle het begin by die onskuldige Abel, julle het hom vermoor en julle het aangehou om onskuldige mense te vermoor totdat julle ook vir Sagaria seun van Berekja vermoor het. Julle het hom vermoor tussen die tempel en die altaar.

36Ek sê vir julle, en dit is seker: God sal julle straf oor alles, julle wat nou lewe."

Jesus kla oor Jerusalem

(Ook Luk 13:34-35)

37Jesus het ook gesê: "Mense van Jerusalem, julle maak die profete dood, julle gooi die boodskappers wat God na julle toe gestuur het, dood met klippe. Mense van Jerusalem, Ek wou julle baie maal bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie kom nie.

38Julle moet nou goed luister: Daar sal niemand in Jerusalem oorbly wat lewe nie.

39Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af nie weer sien nie tot daardie dag wanneer julle sal sê: ' Prys die Man wat kom! Die Here het Hom gestuur om sy werk te kom doen.' "

Matteus 24

Vyande sal die tempel afbreek

(Ook Mark 13:1-2; Luk 21:5-6)

1Toe Jesus uit die tempel kom en wegstap, het sy dissipels na Hom toe gekom. Hulle het vir Hom die geboue van die tempel gewys.

2Maar Jesus het vir hulle gevra: "Sien julle al hierdie geboue? Ek sê vir julle, en dit is seker: Die vyande sal al hierdie geboue afbreek. Daar sal nie een muur regop bly staan nie."

Mense sal baie swaar kry

(Ook Mark 13:3-13; Luk 21:7-19)

3Jesus het op die Olyf-berg gaan sit. Die dissipels het toe na Hom toe gekom, en hulle was alleen. Hulle het vir Hom gevra: "Sê vir ons: Wanneer sal hierdie dinge gebeur waarvan U gepraat het? Watter teken sal vir ons wys dat U sal kom en wanneer dit die einde van die wêreld sal wees?"

4Jesus het vir hulle gesê: "Julle moet oppas dat niemand julle bedrieg nie,

5want baie mense sal my Naam gebruik en sê: 'Dit is Ek! Ek is die Christus!' En hulle sal baie mense bedrieg.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Julle sal hoor daar is oorlog, naby julle of ver van julle. Pasop, julle moenie skrik wanneer julle dit hoor nie. Hierdie dinge moet gebeur, maar dit is dan nog nie die einde van alles nie.

7Die een volk sal teen die ander volk oorlog maak, die mense van een land sal teen die mense van ’n ander land veg. Mense sal min kos hê om te eet. Daar sal ook aardbewings op baie plekke wees.

8Hierdie dinge is die begin, julle sal dan begin om baie swaar te kry.

9Dan sal mense julle vir ander mense gee, en daardie mense sal julle verdruk en doodmaak. Al die volke sal julle haat omdat julle aan My behoort.

10Dan sal baie mense ophou om in My te glo. Hulle sal mekaar verraai en hulle sal mekaar vir die vyand gee. Hulle sal mekaar haat.

11Daar sal baie vals profete kom en hulle sal vir baie mense verkeerd leer.

12Meer en meer mense sal nie doen wat God se wette sê nie, en daarom sal die liefde van die meeste mense min word.

13Maar as iemand tot die einde aanhou om My te volg, dan sal God hom red.

14In die hele wêreld sal mense hierdie goeie boodskap bring, die boodskap dat God Koning is. Al die volke sal dit kan hoor. Daarna sal die einde van die wêreld kom.”

Mense sal die gelowiges verdruk

(Ook Mark 13:14-23; Luk 21:20-24; 17:23-24,37)

15Jesus het gesê: “Julle sal iets sien wat vir God baie kwaad maak en wat alles verwoes. Dit sal staan in die gewyde plek. Die profeet Daniël het daaroor geskryf. Almal wat hierdie woorde lees, moet goed dink wat dit beteken.

16Wanneer dit gebeur, dan moet die mense wat in Judea is, na die berge vlug.

17Iemand wat op die dak van sy huis is, moenie wanneer hy afklim, eers iets in die huis gaan haal nie.

18En iemand wat op die koringland werk, moenie eers omdraai huis toe om sy klere te gaan haal nie.

19Dit sal in daardie tyd sleg gaan met vroue wat ’n baba verwag of wat kinders het wat nog aan hulle drink.

20Julle moet bid dat julle nie in die winter of op ’n Sabbatdag sal moet vlug nie.

21In daardie tyd sal mense baie swaar kry. Tot vandag toe het niemand so swaar gekry nie, van die begin af toe God alles gemaak het, tot nou toe. Niemand sal weer so swaar kry nie.

22In daardie tyd sal die mense swaarkry, maar die Here het besluit om daardie tyd korter te maak. As Hy dit nie besluit het nie, dan sal niemand in daardie tyd aanhou

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

lewe nie. Maar die Here het besluit om daardie tyd korter te maak om die mense te help wat Hy gekies het.

23Wanneer iemand in daardie tyd vir julle sê: ‘Kyk, hier is die Christus!’ of ‘Daar is Hy!’ dan moet julle hom nie glo nie,

24want daar sal mense kom wat vals is en wat sê hulle is die Christus. Daar sal ook vals profete kom en hulle sal groot tekens wys en wonderwerke doen. God het mense gekies, en die vals profete sal probeer om ook daardie mense verkeerd te laat doen. Maar die vals profete sal dit nie regkry nie.

25Julle moet luister, Ek het dit alles vir julle gesê voordat dit gebeur.

26En as die mense vir julle sê: ‘Kyk, Hy is in die woestyn!’ dan moet julle nie daarnatoe gaan nie. En as hulle vir julle sê: ‘Kyk, Hy is in ’n kamer!’ dan moet julle dit nie glo nie.

27Wanneer Ek, die Seun van die mens, kom, dan sal dit wees soos wanneer die weerlig van die ooste tot in die weste skyn.

28Al die mense sal weet dat Ek kom, soos mense weet dat daar ’n dooie liggaam is wanneer hulle sien die aasvoëls kom bymekaar.”

Die Seun van die mens sal weer kom

(Ook Mark 13:24-27; Luk 21:25-27)

29Jesus het gesê: “En nadat mense die gelowiges verdruk het, sal dit nie lank wees nie, “ dan sal die son donker word en die maan sal nie skyn nie. Die sterre sal uit die lug val en alles in die lug sal skud.

30“Dan sal mense ’n teken in die lug sien wat sal wys dat Ek, die Seun van die mens, kom. En die volke van die aarde sal huil en treur. Almal sal My, die Seun van die mens, sien. Ek sal op die wolke kom en Ek sal alles kan doen wat Ek wil doen. Ek sal die Groot Koning wees.

31Wanneer iemand die groot trompet blaas, dan sal Ek my engele stuur en Ek sal al die mense bymekaarmaak wat Ek gekies het. Ek sal hulle bymekaarmaak van die ooste, die weste, die noorde en die suide, van die een kant van die aarde tot by die ander kant.”

Die gelykenis van die vyeboom

(Ook Mark 13:28-31; Luk 21:29-33)

32Jesus het ook gesê: “Julle moet hierdie les leer van die vyeboom: Wanneer ’n vyeboom se takke sag word en die blare begin groei, dan weet julle die somer is naby.

33So ook: Wanneer julle al hierdie dinge sien gebeur, dan moet julle weet die Here is naby, Hy sal gou kom.

© Bible Society of South Africa.

34Ek sê vir julle, en dit is seker: Party mense wat nou lewe, sal nog lewe wanneer al
hierdie dinge gebeur.

35Die hemel en die aarde sal eendag verdwyn, maar my woorde sal altyd waar
wees."

Niemand weet wanneer die Seun van die mens weer sal kom nie

(Ook Mark 13:32-33,35; Luk 17:26-36; 12:39-40)

36"Niemand weet op watter dag en hoe laat in die dag Ek sal kom nie. Die engele in
die hemel weet nie, ook nie Ek, die Seun, nie. Net die Vader weet dit.

37Wanneer Ek, die Seun van die mens, kom, dan sal dit wees soos in die tyd van
Noag.

38Want in daardie dae voor die watervloed het die mense aangehou om te eet en te
drink en te trou en hulle kinders te laat trou tot die dag toe Noag in die ark ingegaan
het.

39En hulle het nie geweet wat gebeur het nie, totdat die watervloed gekom het en
alles weggespoel het. So sal dit ook wees wanneer Ek, die Seun van die mens, kom.

40Dan sal twee mense in 'n koringland werk, en God sal die een mens kies maar nie
die ander een nie.

41Twee vroue sal met dieselfde maalklippe koring maal, en God sal een vrou kies
maar nie die ander een nie.

42Julle moet wakker wees, want julle weet nie op watter dag julle Here sal kom nie.

43"Maar julle moet dit weet: As die eienaar van 'n huis weet hoe laat in die nag 'n
dief sal kom, dan sal hy wakker bly en nie toelaat dat die dief by sy huis inbreek nie.

44Daarom moet julle ook altyd gereed wees, want Ek, die Seun van die mens, sal kom
wanneer julle dit nie verwag nie."

Die verstandige en die slegte slaaf

(Ook Luk 12:41-46)

45Jesus het ook gesê: "Ek wil vir julle vertel hoe is 'n slaaf wat verstandig is en wat
doen wat sy eienaar wil hê. Die eienaar kies een van sy slawe en stel hom aan om die
hoof te wees oor al die ander slawe. Hy moet ook elke dag vir hulle kos gee.

46Wanneer die eienaar terugkom en hy sien die slaaf is besig om alles te doen wat hy
vir hom gesê het, dan sal daardie slaaf baie gelukkig wees.

47Ek sê vir julle, en dit is seker: Die eienaar sal daardie slaaf die hoof maak wat vir al
die goed van sy eienaar moet sorg.

48Maar 'n slegte slaaf sal miskien dink sy eienaar bly baie lank weg en sal miskien nie
weer terugkom nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

49Dan begin hierdie slaaf die ander slawe slaan en hy eet en drink saam met die
slegte mense wat altyd dronk is.

50En eendag kom die eienaar van die slaaf skielik terug, hy kom wanneer die slegte
slaaf dit nie verwag nie, en nie weet hoe laat die eienaar kom nie.

51Dan sal die eienaar daardie slegte slaaf baie swaar straf, hy sal hom straf soos God
mense straf wat skynheilig is. Die slegte slaaf sal saam met hulle huil en hard op sy
tande byt van die pyn."

Matteus 25

Die gelykenis van die tien meisies

1Jesus het gesê: "Wanneer God Koning is, God wat in die hemel is, dan is dit soos
wanneer tien meisies hulle lampe neem en uitgaan om die bruidegom te ontmoet.

2Vyf van die meisies was dwaas, en vyf was verstandig.

3Die vyf dwase meisies het hulle lampe geneem, maar hulle het nie olyf-olie
saamgeneem nie.

4Die verstandige meisies het hulle lampe geneem en hulle het ook olyf-olie in kruike
saamgeneem.

5Die bruidegom het laat gekom, en die meisies het almal vaak geword en hulle het
aan die slaap geraak.

6In die middel van die nag het die mense geskree: 'Hier kom die bruidegom! Julle
moet uitgaan om hom te gaan ontmoet.'

7Toe staan al daardie meisies op en hulle maak hulle lampe gereed.

8Die dwase meisies sê toe vir die verstandige meisies: 'Gee vir ons van julle olyf-olie,
want ons lampe gaan dood.'

9Die verstandige meisies het vir die dwase meisies gesê: 'As ons vir julle van ons olyf-
olie gee, dan sal daar nie genoeg olyf-olie wees vir ons en ook vir julle nie. Julle moet
winkel toe gaan en julle moet julle eie olyf-olie gaan koop.'

10"Terwyl die dwase meisies olyf-olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Die
vyf verstandige meisies wat gereed was, het saam met hom ingegaan in die huis
waar die fees-ete was, en mense het die deur toegesluit.

11Later het die ander meisies gekom en gesê: 'Meneer, Meneer, maak die deur oop
vir ons.'

12Maar die bruidegom het gesê: 'Ek sê vir julle, en dit is seker: Ek ken julle nie.' "

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Jesus het toe gesê: “Julle moet ook wakker wees, want julle weet nie op watter dag
en hoe laat in die dag die Seun van die mens sal kom nie.”

Die gelykenis van die drie slawe en die geldstukke

(Ook Mark 13:34; Luk 19:11-27)

14Jesus het ook gesê: “Wanneer God Koning is, dan is dit soos wanneer ’n man ’n tyd
lank weggegaan het van sy huis. Hy het sy slawe geroep en gesê hulle moet al sy
goed oppas.

15Hy het vir die een slaaf vyf talente gegee, vir ’n ander slaaf het hy twee talente
gegee, en vir die derde slaaf een talent. Hy het besluit met hoeveel geld elke slaaf
kon werk. Toe het hy weggegaan.

16Die slaaf wat vyf talente gekry het, het dadelik gegaan en hy het daarmee baie
dinge gaan koop en verkoop en hy het nog vyf ander talente bygekry.

17Die slaaf wat twee talente gekry het, het dieselfde gedoen en hy het nog twee
talente bygekry.

18Maar die slaaf wat een talent gekry het, het ’n gat in die grond gegrawe en hy het
sy eienaar se geld daarin weggesteek.

19“Ná ’n lang tyd het die eienaar van die slawe teruggekom en gevra wat hulle met
die geld gedoen het.

20Die slaaf wat vyf talente gekry het, bring toe nog vyf talente en hy sê: ‘Meneer, jy
het vir my vyf talente gegee, en hier is nou nog vyf talente wat ek bygekry het.’

21Sy eienaar sê toe: ‘Dit is goed. Jy is ’n goeie slaaf, jy het gedoen wat ek wou hê. Jy
het goed gewerk met die bietjie geld wat ek vir jou gegee het, ek sal nou vir jou baie
meer geld gee sodat jy daarmee kan werk. Kom in, jy moet bly wees saam met my,
jou eienaar.’

22Die slaaf wat twee talente gekry het, kom toe en sê: ‘Meneer, jy het vir my twee
talente gegee. Hier is nou nog twee talente wat ek bygekry het.’

23Sy eienaar sê toe: ‘Dit is goed. Jy is ’n goeie slaaf, jy het gedoen wat ek wou hê. Jy
het goed gewerk met die bietjie geld wat ek vir jou gegee het, ek sal nou vir jou baie
meer geld gee sodat jy daarmee kan werk. Kom in, jy moet bly wees saam met my,
jou eienaar.’

24Die slaaf wat een talent gekry het, kom toe en sê: ‘Meneer, ek weet jy is ’n kwaai
man. Jy wil koring afsny wat jy nie gesaai het nie en jy wil koring bymekaarmaak
waar jy nie geplant het nie.

25Ek was bang, daarom het ek jou geld in die grond gaan begrawe en dit weggesteek.
Ek gee nou vir jou die een talent terug.’

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26Toe sê sy eienaar vir hom: ‘Jy is ’n slegte en lui slaaf. Jy het geweet ek sny koring af
wat ek nie gesaai het nie en ek maak bymekaar waar ek nie geplant het nie.

27Daarom moes jy my geld in die bank gesit het. Dan kon ek my geld en die rente
gekry het toe ek teruggekom het.’

28Hy sê toe vir sy ander slawe: ‘Vat die geld weg van hom en gee dit vir die slaaf wat
die tien talente het.

29Ek sal vir elkeen wat baie het, nog meer gee. Dan sal hy baie hê. Maar ek sal van
elkeen wat nie baie het nie, ook die bietjie wegvat wat hy het.

30Gooi hierdie slaaf wat niks beteken nie, in die donker plek. Daar sal hy huil en hard
op sy tande byt van die pyn.’ ”

Die Seun van die mens sal oordeel oor die volke

31Jesus het gesê: “Wanneer Ek, die Seun van die mens, die Koning, saam met al
my engele kom, dan sal Ek op my troon sit en Koning wees.

32Dan sal al die volke voor My bymekaarkom, en dan sal Ek die mense van mekaar
skei, soos ’n skaapwagter die skape van die bokke skei.

33En Ek sal die skape regs langs My laat staan en die bokke links langs My.

34Dan sal Ek, die Seun van die mens, vir die mense regs langs My sê: ‘Kom, my Vader
het julle geseën. Hy wil van altyd af Koning wees oor julle, vandat Hy die aarde
gemaak het. Julle moet dit nou aanvaar en bly wees daaroor.

35Want toe Ek honger was, het julle vir My iets gegee om te eet, en toe Ek dors was,
het julle vir My iets gegee om te drink. Toe Ek ’n vreemdeling by julle was, het julle
gesê Ek is welkom by julle.

36Ek het nie klere gehad nie, en julle het vir My klere gegee om aan te trek. Ek was
siek, en julle het vir My gesorg. Ek was in die tronk, en julle het My besoek.’

37Die mense wat gehoorsaam is aan die wette van die Here, sal dan vir My sê: ‘Here,
wanneer het ons gesien U is honger en het ons vir U iets gegee om te eet? Wanneer
het ons gesien U is dors en het ons vir U iets gegee om te drink?

38Wanneer het ons gesien U is ’n vreemdeling en het ons gesê U is welkom by ons?
Wanneer het ons gesien U het nie klere nie en het ons vir U klere gegee om aan te
trek?

39Wanneer het ons gesien U is siek of in die tronk, en het ons U besoek?’

40Die Koning sal dan vir hulle sê: ‘Ek sê vir julle, en dit is seker: Toe julle dit gedoen
het vir een van my vriende, ook vir die een wat die minste belangrik is, toe het julle
dit vir My gedoen.’

© Bible Society of South Africa.

41Dan sal die Koning vir die mense links langs Hom sê: ‘Gaan weg van My! God het
julle vervloek. Julle moet na die vuur gaan wat altyd brand, die vuur wat Hy
gereedgemaak het vir die duiwel en sy engele.

42Want toe Ek honger was, het julle vir My niks gegee om te eet nie, en toe Ek dors
was, het julle vir My niks gegee om te drink nie.

43Toe Ek ’n vreemdeling was, het julle nie gesê Ek is welkom by julle nie, en toe Ek
nie klere gehad het nie, het julle nie vir My klere gegee om aan te trek nie. Ek was
siek en in die tronk en julle het nie vir My gesorg nie.’

44Dan sal ook húlle vir die Koning sê: ‘Here, wanneer het ons gesien U is honger of
dors, of U is ’n vreemdeling of U het nie klere nie, of U is siek of in die tronk?
Wanneer het ons U nie gedien nie?’

45Dan sal die Koning vir hulle sê: ‘Ek sê vir julle, en dit is seker: Toe julle dit nie
gedoen het vir een van hierdie mense wat die minste belangrik is nie, toe het julle dit
ook nie vir My gedoen nie.’

46God sal hierdie mense vir altyd straf, maar die mense wat gehoorsaam was aan die
wette van die Here, sal die ewige lewe kry.”

Matteus 26

Die leiers van die volk maak planne om Jesus dood te maak

(Ook Mark 14:1-2; Luk 22:1-2)

1Toe Jesus klaar gepraat het, het Hy vir sy dissipels gesê:

2“Julle weet dit is oor twee dae Paasfees. God gee My, die Seun van die mens, vir
die mense sodat hulle My kan kruisig.”

3Toe het die priesterleiers en die familieleiers van die volk bymekaargekom in
die hoëpriester se huis. Die hoëpriester se naam was Kajafas.

4Hulle het planne gemaak om Jesus te vang en om Hom dood te maak. Hulle wou dit
skelm doen.

5Hulle het gesê: “Ons moet dit nie doen wanneer die mense Paasfees vier nie, want
dan sal hulle kwaad word en almal sal skree en raas.”

‘n Vrou gooi lekkerruik-olie op Jesus se kop

(Ook Mark 14:3-9; Luk 7:36-39,44-47; Joh 12:3-5,7-8)

6Jesus was in Betanië in die huis van Simon die melaatse man.

7Daar kom toe ’n vrou na Jesus toe. Sy het ’n mooi klip-kruikie gehad en in die
kruikie was daar baie duur lekkerruik-olie. Sy het die olie op Jesus se kop uitgegooi
terwyl Hy by die tafel gesit en eet het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Toe die dissipels dit sien, het hulle kwaad geword daaroor en hulle het gesê:
“Hoekom mors sy die olie?

9Sy kon dit verkoop het en baie geld gekry het. Dan kon sy die geld vir die arm mense
gegee het.”

10Jesus het geweet wat hulle gesê het, en daarom het Hy vir sy dissipels gesê:
“Hoekom pla julle die vrou? Sy het vir My iets gedoen wat goed is.

11Die arm mense is altyd by julle, maar Ek sal nie altyd by julle wees nie.

12Die vrou het nou die lekkerruik-olie oor My gegooi, en sy het dit gedoen sodat my
liggaam gereed kan wees wanneer hulle My begrawe.

13Ek sê vir julle, en dit is seker: Oral in die wêreld waar die mense hierdie goeie
boodskap bring, sal hulle ook praat oor hierdie vrou en wat sy gedoen het. Die
mense sal haar onthou.”

Judas besluit om Jesus te verraai

(Ook Mark 14:10-11; Luk 22:3-6)

14Een van die twaalf dissipels se naam was Judas Iskariot. Hy het na
die priesterleiers toe gegaan

15en gevra: “Wat sal julle vir my gee as ek julle help om Jesus te vang?” Die
priesterleiers het toe vir Judas 30 silwer geldstukke betaal.

16Van toe af het hy ’n plan probeer maak en hy het gewag vir die regte tyd om Jesus
te verraai.

Die laaste Paasfees

(Ook Mark 14:12-21; Luk 22:7-14,21-23; Joh 13:21-22,25-26)

17Op die eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brood, het Jesus se dissipels
na Hom toe gekom en vir Hom gevra: “Waar wil U hê moet ons gaan gereedmaak
sodat U die Paas-ete kan eet?”

18Jesus het gesê hulle moet in Jerusalem na ’n man toe gaan en vir hom sê: “Ons
Meneer sê: ‘My tyd is naby. Ek en my dissipels wil die Paas-ete in jou huis eet.’ ”

19Die dissipels het gedoen wat Jesus vir hulle gesê het en hulle het alles
gereedgemaak vir die Paas-ete.

20Toe dit aand geword het, het Jesus saam met die twaalf dissipels by die tafel gesit

21en hulle was besig om te eet. Toe sê Jesus: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Een van
julle sal My verraai.”

22Die dissipels was baie geskok en hartseer. Elke dissipel begin toe om vir Jesus te
vra: “Here, is dit ek?”

23Jesus het vir hulle gesê: “Die een wat sy brood saam met My in die sous druk,
daardie een sal My verraai.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24Ek, die Seun van die mens, sal sterf soos die profete oor My geskryf het. Maar
daardie man wat My verraai, sal baie swaar kry. Dit sou vir daardie man beter
gewees het as hy nooit gebore was nie."

25Judas, die een wat vir Jesus verraai het, vra toe vir Jesus: "Meneer, is dit ek?" Jesus
sê toe vir hom: "Jy sê dit self."

Die nagmaal

(Ook Mark 14:22-26; Luk 22:17-20)

26Jesus het brood geneem terwyl hulle geëet het en Hy het vir God dankie gesê
daarvoor. Hy het die brood in stukke gebreek en vir sy dissipels gegee. Hy het gesê:
"Neem die brood en eet dit. Dit is my liggaam."

27Jesus het ook 'n beker wyn geneem en Hy het vir God dankie gesê daarvoor. Toe
gee Hy dit vir sy dissipels en sê: "Drink almal daarvan.

28Die wyn in hierdie beker is my bloed. My bloed is die bloed van die verbond. My
bloed sal vir baie mense vloei sodat God hulle sondes kan vergewe.

29Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink nie tot daardie dag wanneer Ek
saam met julle nuwe wyn sal drink by my Vader wat Koning is."

30Jesus en sy dissipels het 'n lied gesing en die Here geprys, en hulle het uitgegaan na
die Olyf-berg.

Petrus sal sê hy ken nie vir Jesus nie

(Ook Mark 14:27-31; Luk 22:31-34; Joh 13:36-38)

31Jesus het vir sy dissipels gesê: "Julle almal sal vannag ophou om in My te glo.
Die profeet het geskryf: " God het gesê: Ek sal die skaapwagter doodmaak, en die
skape van die trop sal weghardloop na al die kante toe.

32"Maar God sal My weer laat lewe, en dan sal Ek voor julle na Galilea gaan."

33Petrus sê toe vir Jesus: "Almal sal miskien ophou om in U te glo, maar ek sal nooit
ophou om in U te glo nie!"

34Jesus het vir hom gesê: "Ek sê vir jou, en dit is seker: Jy sal in hierdie nag drie maal
sê jy ken My nie. Jy sal dit sê voordat die haan vannag kraai."

35Maar Petrus het gesê: "As ek saam met U moet sterf, dan sal ek sterf, maar ek sal
nooit sê dat ek U nie ken nie." Al die ander dissipels het dieselfde gesê.

Jesus in die tuin van Getsemane

(Ook Mark 14:32-42; Luk 22:39-46; Joh 18:1; 12:27)

36Jesus en sy dissipels kom toe by 'n plek, Getsemane, en Jesus sê vir hulle: "Sit hier,
Ek wil daar gaan bid."

37Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saam met Hom geneem. Jesus
het baie hartseer en bang geword.

38Hy het vir hulle gesê: "Ek voel baie hartseer. Bly hier en bly wakker saam met My."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

39Jesus het ’n bietjie verder geloop en Hy het met sy gesig teen die grond gaan lê en
aangehou bid: “My Vader, as U dit wil doen, neem asseblief hierdie swaarkry weg
van My, moenie vir My hierdie beker gee om te drink nie. Maar U moenie doen wat
Ek wil hê nie, U moet doen wat U wil hê.”

40Jesus het teruggekom na die drie dissipels toe en toe sien Hy hulle slaap. Hy het vir
Petrus gevra: “Hoekom kon julle nie een uur saam met My wakker bly nie?

41Julle moet wakker wees en bid dat niks sal gebeur wat julle sal laat sonde doen nie.
Die mens se gees wil graag doen wat reg is, maar die mens self is te swak om reg te
doen.”

42Jesus het weer, vir die tweede maal, weggegaan en gebid: “My Vader, as U nie
hierdie swaarkry wil wegneem van My nie, as Ek hierdie beker moet drink, dan moet
U doen wat U wil hê.”

43Toe Jesus terugkom, het Hy weer gesien die drie dissipels slaap, hulle kon nie
wakker bly nie.

44Jesus het weer weggegaan van hulle. Hy het die derde maal gaan bid en Hy het
dieselfde woorde gesê.

45Toe Jesus die derde maal by die dissipels kom, sê Hy vir hulle: “Slaap en rus julle
nog? Kyk, dit is nou die tyd wanneer iemand My, die Seun van die mens, sal verraai,
sodat sondaars My kan vang.

46Staan op, ons moet gaan. Die man wat My sal verraai, is hier naby.”

Mense vang vir Jesus

(Ook Mark 14:43-50; Luk 22:47-53; Joh 18:2-12,20)

47Judas het daar aangekom terwyl Jesus gepraat het. Judas was een van die
twaalf dissipels. Daar was ’n groot klomp mense saam met hom. Hulle het swaarde
en stokke by hulle gehad. Die priesterleiers en die familieleiers van die volk het hulle
gestuur.

48Judas het vir Jesus verraai. Hy het voor daardie tyd vir die mense gesê wat hy sal
doen om vir hulle te wys wie Jesus is. Hy het gesê: “Ek sal ’n man soen, dit is Jesus.
Julle moet Hom vang.”

49Toe Judas daar aankom, gaan hy dadelik na Jesus toe en sê vir Hom: “Goeienaand,
Meneer!” en hy soen vir Jesus.

50Jesus het vir hom gesê: “My vriend, jy het kom doen wat jy moes doen.” Die mense
wat saam met Judas was, het gekom en hulle het vir Jesus gegryp en Hom gevang.

51Een van die mense wat by Jesus gestaan het, het sy swaard gegryp en hy het dit
uitgetrek. Hy het die slaaf van die hoëpriester se oor met die swaard afgekap.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

52Toe sê Jesus vir hom: “Sit jou swaard terug op sy plek, want die mense sal almal
wat met die swaard veg, ook met die swaard doodmaak.

53Weet jy nie, Ek kan my hemelse Vader vra om My te help, en Hy sal dadelik meer
as twaalf legioene engele stuur om My te help.

54Maar as God engele stuur om My te beskerm, dan sal die dinge wat die profete
oor My geskryf het, nie gebeur nie.”

55Dadelik daarna het Jesus vir die klomp mense gesê: “Dink julle Ek wil teen die
regering veg? Hoekom het julle swaarde en stokke saamgebring om My te vang? Ek
het elke dag in die tempel gesit en Ek het daar vir die mense geleer, maar julle het
My nie gevang nie.

56Al hierdie dinge het gebeur sodat dit waar kan word wat die profete geskryf het.”
Daarna het Jesus se dissipels Hom alleen gelos en hulle het weggehardloop.

Die Joodse Raad sê Jesus is skuldig

(Ook Mark 14:53-65; Luk 22:54-55,67-71,63-64; Joh 18:13-16,18-19,24)

57Die mense wat vir Jesus gevang het, het Hom weggevat na Kajafas toe. Kajafas was
die hoëpriester. Die skrifgeleerdes en die familieleiers het daar bymekaargekom.

58Petrus het ook saamgegaan tot voor die hoëpriester se huis, maar hy het nie naby
Jesus geloop nie. Hy het ingegaan en by die wagte gaan sit om te sien wat sal
gebeur.

59Die priesterleiers en die hele Joodse Raad wou hê iemand moet leuens vertel en
sê dat Jesus iets gedoen het wat verkeerd is, sodat hulle Hom kon doodmaak.

60Maar hulle het niks gekry wat Jesus verkeerd gedoen het nie. Baie mense het
gekom en hulle het leuens vertel, maar die Raad kon niks kry om Jesus te beskuldig
nie. Later het twee mense gekom en

61hulle het gesê: “Hierdie man het gesê: ‘Ek kan die tempel van God afbreek en Ek
sal dit in drie dae weer bou.’ ”

62Die hoëpriester het opgestaan en vir Jesus gevra: “Hoekom sê jy niks? Hoekom sê
die mense dit alles teen jou?”

63Maar Jesus het stilgebly. Toe sê die hoëpriester vir Hom: “Ek sê vir jou, jy moet
voor die God wat lewe, sê of jy die Christus is, die Seun van God.”

64Jesus het vir die hoëpriester gesê: “Jy sê dit self! Maar Ek sê vir julle, “van nou af
sal julle sien dat Ek, die Seun van die mens, op die belangrikste plek sit langs God,
God wat oor almal regeer, en julle sal sien Ek kom op die wolke.”

65Toe het die hoëpriester sy klere geskeur en gesê: “Hy het verkeerd gepraat oor
God. Ons het nou genoeg gehoor. Julle het nou gehoor hoe verkeerd hy oor God
praat.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

66Wat dink julle?” Hulle het toe gesê Jesus is skuldig en hulle moet Hom doodmaak.

67Hulle het in Jesus se gesig gespoeg en hulle het Hom met die vuis geslaan. Party van hulle het Hom geklap

68en vir Hom gesê: “Christus, wys vir ons jy is ’n profeet, sê vir ons wie het jou geslaan.”

Petrus sê hy ken nie vir Jesus nie

(Ook Mark 14:66-72; Luk 22:56-62; Joh 18:15-18,25-27)

69Petrus was op die oop stuk grond voor die hoëpriester se huis. Een van die meisies wat daar gewerk het, het na hom toe gekom en gesê: “Jy was ook saam met Jesus van Galilea.”

70Petrus het gesê dit is nie waar nie. Hy het gesê: “Ek weet nie waarvan jy praat nie.” Almal kon dit hoor.

71Petrus het toe uitgegaan na die poort. ’n Ander meisie het vir Petrus gesien en sy het vir die mense wat daar gestaan het, gesê: “Hierdie man was saam met Jesus van Nasaret.”

72Maar Petrus het weer gesê: “Dit is nie waar nie. Ek ken nie die man nie. Die Here is my getuie.”

73’n Bietjie later het die mense wat daar gestaan het, na Petrus toe gekom en vir hom gesê: “Jy is regtig een van sy dissipels, want ons kan hoor jy praat soos hulle.”

74Petrus het gesê: “Ek ken glad nie hierdie man nie. God is my getuie. Hy kan my straf as ek nie die waarheid praat nie.” En dadelik, nadat hy dit gesê het, het die haan gekraai.

75Toe het Petrus onthou wat Jesus vir hom gesê het: “Jy sal drie maal sê jy ken My nie. Jy sal dit sê voordat die haan kraai.” Petrus het buitetoe gegaan en hy het hard gehuil.

Matteus 27

Die Jode vat vir Jesus na Pilatus toe

(Ook Mark 15:1; Luk 22:66; 23:1; Joh 18:28)

1Vroeg die volgende oggend het al die priesterleiers en die familieleiers van die volk planne gemaak teen Jesus om Hom dood te maak.

2Hulle het Jesus met boeie vasgemaak en Hom weggevat en hulle het Hom vir die goewerneur Pilatus gegee om Hom te straf.

Judas sterf

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Judas wat vir Jesus verraai het, het gehoor dat die Joodse Raad besluit het dat Jesus skuldig is en dat Hy moet sterf. Judas was toe jammer en hy het die 30 silwer geldstukke teruggegee vir die priesterleiers en die familieleiers.

4Hy het gesê: “Ek het sonde gedoen, want ek het ’n onskuldige man verraai, en nou moet Hy sterf.” Maar die priesterleiers en die familieleiers het vir hom gesê: “Dit is nie ons probleem nie! Dit is jou probleem!”

5Judas het toe die geld in die tempel gegooi en hy het weggegaan en homself opgehang.

6Die priesterleiers het die geld geneem en gesê: “Ons kan dit nie by die tempel se geld sit nie, want dit is bloedgeld.”

7Hulle het saam planne gemaak, en toe het hulle die geld geneem en hulle het die grond van die pottebakker gekoop sodat hulle vreemdelinge daar kon begrawe.

8Daarom noem die mense daardie stuk grond vandag nog “Bloedgrond.”

9So het gebeur wat die profeet Jeremia gesê het: “ Hulle het die 30 silwer geldstukke geneem, dit is hoeveel die Israeliete besluit het ek moet kry.

10En hulle het dit betaal vir die grond van die pottebakker, want dit was wat die Here vir my gesê het.”

Jesus staan voor Pilatus

(Ook Mark 15:2-5; Luk 23:3-5; Joh 18:33,37)

11Jesus het voor die goewerneur Pilatus gestaan. Die goewerneur het vir Jesus gevra: “Is jy die koning van die Jode?” Jesus het vir hom gesê: “Jy sê self Ek is.”

12Die priesterleiers en die familieleiers het vir Jesus beskuldig, maar Hy het niks geantwoord nie.

13Pilatus vra toe weer vir Jesus: “Hoor jy al hierdie dinge wat hulle teen jou sê?”

14Maar Jesus het nie een van die goewerneur se vrae geantwoord nie. En die goewerneur was baie verbaas.

Die Jode sê Jesus moet sterf

(Ook Mark 15:6-15; Luk 23:18-25; Joh 18:39-40; 19:16)

15Elke jaar wanneer die Jode Paasfees vier, het die goewerneur een gevangene uit die tronk laat uitkom. Die mense het gekies watter gevangene dit moet wees.

16In daardie tyd was daar ’n baie slegte gevangene in die tronk. Sy naam was Jesus Barabbas.

17Daar was ’n groot klomp mense daar bymekaar. Pilatus het vir hulle gevra: “Wie wil julle hê moet ek vir julle uit die tronk laat kom: Jesus Barabbas of Jesus vir wie die mense Christus noem?”

© Bible Society of South Africa.

18Die goewerneur het geweet die priesterleiers het Jesus na hom toe gebring omdat hulle jaloers was.

19Die goewerneur het op die regterstoel gaan sit. Toe het sy vrou vir hom ’n boodskap gestuur en gesê: “Jy moet niks aan daardie onskuldige man doen nie, want ek het in die nag baie swaar gekry, ek het van hom gedroom.”

20Die priesterleiers en die familieleiers het aangehou om vir die mense te sê hulle moet vra dat Pilatus vir Barabbas uit die tronk moet laat uitkom, en vir Jesus moet laat doodmaak.

21Die goewerneur vra toe weer vir die mense: “Wie van die twee mense wil julle hê moet ek vir julle uit die tronk laat kom?” En hulle het geantwoord: “Barabbas!”

22Toe vra Pilatus weer vir hulle: “Wat wil julle hê moet ek doen met Jesus vir wie julle Christus noem?” Die mense het almal gesê: “ Kruisig hom!”

23Pilatus het gevra: “Wat het hy verkeerd gedoen?” Maar die mense het aangehou om baie hard te skree: “Kruisig hom!”

24Pilatus sien toe dat alles wat hy doen, niks help nie. Die mense het nog meer kwaad geword en hulle het geskree en geraas. Pilatus neem toe water en hy was sy hande sodat al die mense dit kan sien, en hy sê: “Ek is onskuldig as hierdie man moet sterf. Dit is júlle wat besluit hy moet sterf.”

25En al die mense het gesê: “Ja, dit is ons en ons nageslag wat skuldig sal wees as hy sterf.”

26Toe het Pilatus vir Barabbas uit die tronk laat kom, hy het gedoen wat die mense gevra het. Hy het vir Jesus met ’n sweep laat slaan en hy het Hom vir die soldate gegee sodat hulle Hom kon kruisig.

Die soldate spot vir Jesus

(Ook Mark 15:16-20; Joh 19:2-3)

27Die soldate het Jesus na die goewerneur se huis geneem. Hulle het al die ander soldate geroep om saam te gaan.

28Hulle het Jesus se klere uitgetrek en hulle het ’n pers bo-kleed om Hom gehang.

29Hulle het ’n kroon van doringtakke gevleg en hulle het dit op sy kop gesit. Hulle het ’n dik riet in sy regter-hand gesit. Die soldate het voor Hom gekniel en Hom gespot en gesê: “Ons groet jou, Koning van die Jode!”

30Hulle het op Hom gespoeg en hulle het die riet geneem en aangehou om Jesus daarmee op sy kop te slaan.

31Nadat hulle Jesus klaar gespot het, het hulle die pers bo-kleed uitgetrek en hulle het Jesus se eie klere vir Hom aangetrek. Die soldate het Jesus weggeneem sodat hulle Hom kon kruisig.

© Bible Society of South Africa.

Die soldate kruisig vir Jesus

(Ook Mark 15:21-32; Luk 23:26,33-39; Joh 19:17-19,24)

32Toe hulle uit Jerusalem uitgaan, het hulle ’n man van die stad Sirene gesien. Sy naam was Simon. Die soldate het vir Simon gesê hy moet Jesus se kruis dra.

33Hulle kom toe by die plek wat die mense Golgota noem. Golgota beteken “Plek van die kopbeen.”

34Hulle het vir Jesus wyn gegee wat hulle met gal gemeng het, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie.

35Die soldate het vir Jesus gekruisig en elke soldaat het van Jesus se klere gevat. Hulle het lootjies getrek om te besluit watter klere elkeen moet kry.

36Daarna het hulle gaan sit en hulle het Hom daar opgepas.

37Hulle het bokant Jesus se kop op ’n plank geskryf hoekom hulle Hom gekruisig het. Hulle het geskryf: “Dit is Jesus, die koning van die Jode.”

38Die soldate het twee mense saam met Jesus gekruisig, een regs langs Hom, en die ander een links langs Hom. Hulle was mense wat teen die regering geveg het.

39Die mense wat daar verbygeloop het, wou vir Jesus verneder. Hulle het gewys dat hulle bly is oor wat met Hom gebeur het en

40hulle het gesê: “Jy het gesê jy sal die tempel afbreek en dit weer in drie dae bou. As jy die Seun van God is, red jouself nou en klim van die kruis af!”

41Die priesterleiers en die skrifgeleerdes en die familieleiers het ook so aangehou om vir Jesus te spot. Hulle het gesê:

42“Hy het ander mense gered, maar hy kan homself nie red nie! Hy sê hy is die Koning van Israel. Hy moet nou afklim van die kruis, dan sal ons in hom glo!

43Hy glo God sal hom red. God moet hom nou red as Hy dit wil doen, want Jesus het gesê: ‘Ek is die Seun van God.’ ”

44Die twee mense wat saam met Jesus aan die kruise gehang het, het ook vir Jesus op dieselfde manier gespot. Hulle was mense wat teen die regering geveg het.

Jesus sterf

(Ook Mark 15:33-41; Luk 23:44-49,36; Joh 19:25-30)

45Omtrent twaalfuur die middag het dit donker geword in die hele land en dit was donker tot drie-uur.

46Omtrent drie-uur het Jesus baie hard geroep: “Eli, Eli, lema sabagtani?” Dit beteken “ My God, my God, hoekom het U My gelos?”

47Party van die mense wat daar gestaan het, het dit gehoor en hulle het gesê: “Hierdie man roep vir Elia!”

© Bible Society of South Africa.

48Een van hulle het dadelik gehardloop en ’n spons geneem en hy het dit vol suur
wyn gemaak. Hy het dit op ’n dik riet gesit en vir Jesus probeer gee sodat Hy dit kon
drink.

49Maar die ander mense het gesê: “Wag, kom ons kyk of Elia kom om hom te red.”

50Jesus het weer hard geskree en Hy het gesterf.

51Die gordyn in die tempel het van bo tot onder geskeur. Dit was toe twee stukke.
God het die aarde laat bewe en Hy het die rotse laat oopskeur.

52God het ook die grafte laat oopgaan en Hy het baie gelowiges wat gesterf het,
weer laat lewe,

53en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Nadat Jesus weer begin lewe het, het hulle
in Jerusalem, die gewyde stad, ingegaan, en baie mense het hulle gesien.

54Die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus opgepas het, het die
aardbewing gesien en alles wat gebeur het. Hulle was toe baie bang en hulle het
gesê: “Hierdie man was regtig die Seun van God!”

55Daar was baie vroue wat ’n bietjie verder gestaan en kyk het. Hulle het van Galilea
saam met Jesus gekom om vir Hom te sorg.

56Maria Magdalena en Maria ma van Jakobus en Josef was daar, en ook die vrou van
Sebedeus.

Josef van Arimatea sit Jesus se liggaam in ’n graf

(Ook Mark 15:42-47; Luk 23:50-55; Joh 19:38,40-42)

57Dit was al laat en amper aand. Daar kom toe ’n ryk man van die stad Arimatea. Sy
naam was Josef. Hy was self ook ’n dissipel van Jesus.

58Josef het na Pilatus toe gegaan en hy het gevra of hy Jesus se liggaam kan kry. Toe
het Pilatus gesê die soldate moet Jesus se liggaam vir Josef gee.

59Josef het Jesus se liggaam geneem en hy het dit in ’n skoon lap toegedraai.

60Hy het Jesus se liggaam in sy eie nuwe graf gesit wat hy in ’n rots laat kap het. Hy
het ’n groot klip voor die graf gerol en weggegaan.

61Maria Magdalena en die ander Maria was daar en hulle het voor die graf gesit.

Soldate pas Jesus se graf op

62Die volgende dag was dit die Sabbatdag, die dag ná die Vrydag. Die priesterleiers
en die Fariseërs het by Pilatus bymekaargekom

63en hulle het vir Pilatus gesê: “Meneer, ons onthou dat daardie man die
mense bedrieg het toe hy gelewe het en gesê het: ‘Ná drie dae sal God My weer laat
lewe.’

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

64Jy moet vir die soldate sê hulle moet die graf drie dae lank oppas. As jy dit nie doen nie, dan sal sy dissipels miskien kom en hulle sal sy liggaam steel en vir die volk sê hy lewe weer. Hierdie nuwe leuen sal groter wees as die eerste leuen, toe hy gesê het dat hy die Christus is."

65Pilatus sê toe vir hulle: "Neem 'n groep soldate en sê hulle moet die graf goed oppas. Julle weet hoe om dit te doen."

66Die Joodse leiers het toe gegaan en hulle het gesê die soldate moet die graf oppas. Hulle het die klip voor die ingang verseël en hulle het die soldate daar laat bly om die graf op te pas.

Matteus 28

Jesus lewe weer

(Ook Mark 16:1-2,5-8; Luk 24:1-10; Joh 20:1-2,16-17)

1Die Sabbatdag was verby. Toe dit die Sondag-oggend begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.

2Skielik was daar 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het afgekom uit die hemel. Hy het na die graf gegaan, die klip weggerol en op die klip gaan sit.

3Hy het geblink soos weerlig en sy klere was so wit soos sneeu.

4Die soldate wat die graf opgepas het, het groot geskrik. Hulle het gebewe en hulle het geword soos mense wat dood is.

5Die engel sê toe vir die vroue: "Julle moenie bang wees nie. Ek weet julle soek vir Jesus wat gekruisig is.

6Hy is nie hier nie, want Hy lewe weer. Hy het gesê dit sal gebeur. Kom kyk, hier is die plek waar Hy gelê het.

7Gaan gou en sê vir sy dissipels Hy lewe weer. Dit is wat sal gebeur: Jesus gaan voor julle na Galilea, en julle moet ook gaan. Julle sal Hom daar sien. Dit is wat ek vir julle moes kom sê."

8Die vroue het gou weggegaan van die graf. Hulle was bang en baie bly en hulle het gehardloop om dit vir die dissipels te vertel.

9Skielik het Jesus daar voor hulle gestaan en Hy het vir hulle gesê: "Ek groet julle!" Die vroue kom toe na Jesus toe. Hulle het aan sy voete geraak en Hom aanbid.

10Jesus het vir hulle gesê: "Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my vriende dat hulle na Galilea moet gaan. Hulle sal My daar sien."

Die soldate vertel wat gebeur het

© Bible Society of South Africa.

11Die vroue het gegaan om te doen wat Jesus gesê het. Party van die soldate wat die graf opgepas het, het toe ook na Jerusalem gegaan. Hulle het vir die priesterleiers gaan vertel wat alles by die graf gebeur het.

12Die priesterleiers en die familieleiers het toe bymekaargekom en hulle het planne gemaak. Hulle het baie geld vir die soldate gegee

13en vir hulle gesê: “Julle moet vir die mense sê: ‘Jesus se dissipels het in die nag sy liggaam kom steel terwyl ons geslaap het.’

14As die goewerneur dit hoor, dan sal ons vir hom sê julle is onskuldig. Julle moenie bekommerd wees nie.”

15Die soldate het toe die geld gevat en hulle het gedoen wat die Joodse leiers vir hulle gesê het. Die Jode vertel tot vandag toe nog hierdie storie wat die soldate oral vertel het.

Jesus sê wat sy dissipels moet doen

16Die elf dissipels het na Galilea gegaan, Jesus het gesê hulle moet daar na ’n berg gaan.

17Toe hulle vir Jesus sien, het hulle voor Hom gekniel en Hom aanbid. Hulle het dit gedoen, maar hulle was nie heeltemal seker dat dit Jesus was nie.

18Jesus het na hulle toe gekom en vir hulle gesê: “God het gesê Ek moet regeer oor alles in die hemel en op die aarde.

19Daarom moet julle gaan en julle moet die mense van al die volke my dissipels maak. Julle moet hulle doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

20Julle moet vir hulle leer om gehoorsaam te wees aan alles wat Ek vir julle gesê het. En onthou: Ek is altyd by julle, tot die einde van die wêreld.”

© Bible Society of South Africa.

Markus

Markus 1

Johannes die Doper is die profeet in die woestyn

(Ook Matt 3:1-6,11; Luk 3:1-6,16; Joh 1:23,26-28)

1 Die goeie boodskap oor Jesus Christus, die Seun van God,

2 begin soos dit in die boek van die profeet Jesaja geskryf is: “ Ek, die Here, stuur my boodskapper. Hy sal voor jou gaan en die pad vir jou gereedmaak.

3 Iemand skree in die woestyn en hy sê: Julle moet die pad gereedmaak vir die Here, julle moet sy paaie reguit maak.”

4 Dit is wat Johannes die Doper in die woestyn gepreek het. Hy het gesê die mense moet verander en lewe soos God wil hê en hulle moet hulle laat doop. Dit sal beteken dat God hulle sondes vergewe het.

5 Al die mense van Judea en Jerusalem het na Johannes toe gegaan. Hulle het gesê hulle is jammer oor hulle sonde, en Johannes het hulle gedoop in die Jordaan-rivier.

6 Johannes se klere was van kameelhare gemaak en hy het ’n belt van leer om sy heupe gedra. Hy het sprinkane geëet en ook heuning wat hy in die woestyn gekry het.

7 Johannes het gepreek en gesê: “Later sal Iemand kom wat meer kan doen as ek. Ek is nie belangrik genoeg om sy sandale los te maak nie.

8 Ek het julle met water gedoop, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees.”

Johannes doop vir Jesus

(Ook Matt 3:13,16-17; Luk 3:21-22; Joh 1:29,32-34)

9 In dieselfde tyd het Jesus van die stad Nasaret gekom. Nasaret is in die provinsie Galilea. Johannes het vir Jesus in die Jordaan-rivier gedoop.

10 En dadelik toe Jesus uit die water opstaan, het Hy gesien die hemel skeur oop en die Heilige Gees kom af na Hom toe soos ’n duif uit die lug afkom.

11 Jesus het ook gehoor Iemand sê uit die hemel: “Jy is my Seun. Ek is lief vir Jou. Jy maak My bly.”

Die Satan probeer om Jesus verkeerd te laat doen

(Ook Matt 4:1-2,11; Luk 4:1-2,13)

12 Dadelik daarna het die Heilige Gees vir Jesus weggestuur in die woestyn in.

13 Jesus het 40 dae lank in die woestyn gebly, en die Satan het probeer om Jesus verkeerd te laat doen. Jesus was daar saam met die wilde diere, en die engele het vir Hom gesorg.

Jesus kies sy eerste dissipels

(Ook Matt 4:12-13,17-22; Luk 4:14-15; 5:8-11; Joh 1:40-42)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Koning Herodes het vir Johannes laat vang en hy het Johannes in die tronk
toegesluit. Daarna het Jesus na Galilea gekom en Hy het vir die mense God se goeie
boodskap gebring.

15Jesus het gesê: “God het besluit dit is nou die regte tyd. God wat in die hemel is, is
Koning oor almal, en van nou af sal almal dit weet. Julle moet begin lewe soos God
wil hê en julle moet die goeie boodskap glo.”

Jesus kies vier dissipels

(Ook Matt 4:18-22; Luk 5:1-11)

16Jesus het langs die See van Galilea geloop. Hy het gesien Simon en sy broer
Andreas gooi hulle visnette in die see, want hulle was vissermanne.

17Jesus sê toe vir hulle: “Kom hier, kom saam met My, Ek sal julle lewens verander:
Julle sal nog vissermanne wees, maar julle sal nie meer visse vang nie, julle sal mense
bymekaarmaak vir God.”

18Simon en Andreas het dadelik hulle visnette gelos en hulle het saam met Jesus
gegaan.

19Toe Jesus ’n bietjie verder geloop het, sien Hy vir Jakobus en sy broer Johannes.
Hulle was die seuns van Sebedeus. Hulle was in hulle boot besig om die visnette reg
te maak.

20Jesus het hulle ook dadelik geroep om saam te kom. Hulle het hulle pa, Sebedeus,
en die vissermanne wat vir hom gewerk het, in die boot gelos, en hulle het saam met
Jesus gegaan.

Die man in wie ’n onrein gees was

(Ook Luk 4:31-37)

21Jesus en sy dissipels het in die stad Kapernaum gekom. Op die Sabbatdag daarna
het Jesus reguit na die sinagoge gegaan en Hy het daar begin om vir die mense te
leer.

22Die mense was baie verbaas oor hoe Jesus vir hulle geleer het, want hulle het besef
dat dit van God kom. Jesus het vir hulle nie geleer soos hulle skrifgeleerdes dit
gedoen het nie.

23Skielik kom daar toe in hulle sinagoge ’n man, daar was ’n onrein gees in hom, en
die gees het geskree:

24“Jesus van Nasaret, wat wil U met ons doen? Het U gekom om ons dood te maak?
Ek weet wie U is: U is die Heilige wat van God kom.”

25Jesus het met die onrein gees geraas en gesê: “Bly stil en gaan uit die man uit!”

26Die onrein gees het die man op die grond laat val en die man het geruk en geskop.
Die gees het hard geskree en hy het toe uit die man uitgegaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Almal was baie verbaas en hulle het aangehou praat daaroor. Hulle het vir mekaar
gesê: “Wat het gebeur? Hierdie man leer vir die mense iets wat anders is. Dit kom
van God. Hy sê ook vir die onrein geeste wat hulle moet doen, en hulle is
gehoorsaam aan hom.”

28Die mense het oral in die hele provinsie Galilea gepraat oor wat Jesus gedoen het.

Jesus maak Simon se skoonma gesond

(Ook Matt 8:14-15; Luk 4:38-39)

29Jesus en sy dissipels het uit die sinagoge na die huis van Simon en Andreas
gegaan. Jakobus en Johannes was ook by hulle.

30Simon se skoonma was siek in die bed. Sy het ’n hoë koors gehad en die mense het
dadelik vir Jesus vertel dat sy siek is.

31Jesus het na haar toe gegaan, Hy het haar hand geneem en Hy het haar gehelp om
op te staan. Die koors het weggegaan, en sy het vir hulle kos gegee.

Jesus maak baie mense gesond en Hy preek in Galilea

(Ook Matt 8:16-17; 4:23; Luk 4:40-44)

32In die aand toe die son al onder was en die Sabbatdag verby was, het hulle
aangehou om baie mense na Jesus toe te bring, siek mense en mense wat duiwels in
hulle gehad het.

33Al die mense van die stad het bymekaargekom by die deur van die huis.

34Jesus het baie mense gesond gemaak wat verskillende soorte siektes gehad het. Hy
het ook baie duiwels uit die mense gejaag. Jesus het gesê die duiwels mag nie praat
nie, want die duiwels het geweet wie Hy is.

35Baie vroeg die volgende oggend, toe dit nog donker was, het Jesus opgestaan en
uitgegaan. Hy het na ’n stil plek gegaan om alleen te wees en Hy het daar gaan bid.

36Simon en sy vriende het vir Jesus gaan soek

37en toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom: “Almal soek U.”

38Maar Jesus antwoord hulle: “Kom ons gaan weg na die stede hier naby, want Ek wil
daar ook gaan preek. Dit is hoekom Ek gekom het.”

39Jesus het toe deur die hele provinsie Galilea gegaan en Hy het in hulle sinagoges
gepreek. Hy het ook duiwels uit mense uitgejaag.

Jesus maak ’n melaatse man gesond

(Ook Matt 8:2-4; Luk 5:12-16)

40’n Melaatse man het na Jesus toe gekom. Hy het voor Jesus gekniel en vir Hom
gesoebat: “As U wil, dan kan U my gesond maak.”

41Jesus was baie jammer vir die man. Hy het sy hand uitgesteek en Hy het aan hom
geraak en gesê: “Ek wil dit vir jou doen. Ek maak jou gesond.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

42Dadelik was die man nie meer melaats nie, hy het gesond geword.

43-44Jesus het ernstig met die man gepraat en vir hom gesê: “Jy mag vir niemand hiervan vertel nie. Gaan wys vir die priester jy is gesond, en doen dan wat Moses in die wette geskryf het. Bring die offers omdat jy rein geword het. Dan sal die priesters weet jy is rein.” Daarna het Jesus die man weggestuur.

45Maar die man het gegaan en hy het oral vir al die mense vertel dat Jesus hom gesond gemaak het. Daarom kon Jesus nie meer in ’n stad inkom waar almal Hom kon sien nie. Hy het buite in die veld gebly, maar die mense het nog van oral na Hom toe gekom.

Markus 2

Jesus maak ’n verlamde man gesond

(Ook Matt 9:1-8; Luk 5:17-26)

1’n Paar dae later het Jesus weer in die stad Kapernaum gekom. Die mense het gehoor dat Hy by die huis is.

2Daar het so baie mense bymekaargekom dat daar nie meer plek in die huis was nie, ook nie buite voor die deur nie. Jesus het begin om vir die mense te vertel van die goeie boodskap.

3Daar kom toe mense wat ’n verlamde man na Hom toe bring. Vier mense het die man gedra.

4Omdat daar so baie mense was, kon hulle nie die man tot by Jesus bring nie. Hulle het toe die dak bokant Jesus oopgebreek. Hulle het ’n gat in die dak gemaak, en toe het hulle die slaapmat waarop die verlamde man lê, deur die gat laat sak.

5Toe Jesus sien hulle glo dat Hy die verlamde man gesond kan maak, sê Hy vir die man: “My vriend, Ek vergewe jou sondes.”

6Daar het skrifgeleerdes gesit, en hulle het gewonder:

7“Hoekom praat hierdie man so? Hy maak of hy self God is! ’n Mens kan nie sondes vergewe nie, net God kan.”

8Jesus het dadelik geweet dat hulle so dink. Daarom het Hy vir hulle gesê: “Hoekom wonder julle oor hierdie dinge?

9Is dit die maklikste om vir die verlamde man te sê: ‘Ek vergewe jou sondes,’ of is dit die maklikste om te sê: ‘Staan op, tel jou slaapmat op en loop?’

10Maar Ek wil vir julle wys dat Ek, die Seun van die mens, sondes mag vergewe op die aarde.” Jesus sê toe vir die verlamde man:

11“Ek sê vir jou, staan op, neem jou slaapmat en gaan huis toe.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Die man het opgestaan en hy het dadelik sy slaapmat geneem en uitgegaan. Al die
mense het dit gesien en hulle was baie verbaas. Hulle het God geprys en gesê: “So
iets het ons nog nooit gesien nie!”

Jesus roep vir Levi

(Ook Matt 9:9-13; Luk 5:27-32)

13Jesus het weer na die see gegaan. Baie mense het aangehou om na Hom toe te
kom, en Hy het vir hulle geleer.

14Toe Hy teruggaan en by die tolhek verbygaan, sien Hy vir Levi, die seun van Alfeus,
daar sit. Jesus het vir hom gesê: “Kom saam met My!” Levi het opgestaan en hy het
saam met Jesus gegaan.

15Jesus het in Levi se huis gaan eet. Baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus
en sy dissipels geëet, want baie van hulle het gewoonlik saam met Jesus gegaan.

16Party skrifgeleerdes was ook Fariseërs. Hulle het gesien Jesus eet saam met
tollenaars en sondaars. Hulle vra toe vir Jesus se dissipels: “Hoekom eet Jesus saam
met tollenaars en sondaars?”

17Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: “Gesonde mense gaan nie dokter toe nie, net
mense wat siek is, gaan dokter toe. Ek het nie gekom om mense te roep wat dink
hulle is gehoorsaam aan die wette van God nie, Ek het gekom om sondaars te roep.”

Hoekom Jesus se dissipels nie vas nie

(Ook Matt 9:14-17; Luk 5:33-38)

18Johannes se dissipels en die Fariseërs was besig om te vas. Party mense kom toe
en vra vir Jesus: “Johannes se dissipels vas, en die Fariseërs se dissipels vas, maar
hoekom vas jou dissipels nie?”

19Jesus het geantwoord: “Die vriende van die bruidegom kan nie vas wanneer die
bruidegom nog by hulle is nie. Nee, wanneer die bruidegom by hulle is, kan sy
vriende nie vas nie.

20Maar daar sal ’n tyd kom wanneer die bruidegom nie meer by hulle sal wees nie,
en dan sal hulle vas.

21Niemand maak ou klere reg met ’n stuk lap wat nog nie gekrimp het nie. Wanneer
iemand dit doen, dan sal die nuwe lap krimp en die ou materiaal sal ook skeur, en
dan sal die skeur groter word.

22Niemand gooi nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan sal die wyn die sakke laat
oopbars. Dan verloor hy die wyn én die velsakke. Nee, ’n mens moet nuwe wyn in
nuwe sakke gooi.”

Jesus is die Here van die Sabbatdag

(Ook Matt 12:1-4,8; Luk 6:1-5)

23Jesus en sy dissipels het op ’n Sabbatdag deur ’n koringland geloop. Terwyl hulle
loop, het sy dissipels begin om koring-are te pluk.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24Die Fariseërs sê toe vir Jesus: “Kyk daar, hoekom doen jou dissipels iets wat ’n mens nie op die Sabbatdag mag doen nie?”

25Jesus het hulle geantwoord: “ Het julle gelees wat Dawid gedoen het toe hy probleme gehad het en toe hy en sy manne honger was?

26Dit was in die tyd toe Abjatar die hoëpriester was. Dawid het in die tempel ingegaan en hy het die brood geëet wat op die tafel was. Niemand mag daardie brood eet nie, net die priesters mag dit eet. Dawid het ook van die brood gegee vir die mense wat saam met hom was.”

27Jesus het vir die Fariseërs gesê: “God het die Sabbatdag vir die mens gemaak. Hy het nie die mens vir die Sabbatdag gemaak nie.

28Daarom, Ek, die Seun van die mens, is die Here wat besluit wat op die Sabbatdag mag gebeur.”

Markus 3

Die man met ’n gebreklike hand

(Ook Matt 12:9-10,12-14; Luk 6:6-11)

1Jesus het weer in die sinagoge ingegaan. Daar was ’n man met ’n gebreklike hand.

2Die mense het Jesus dopgehou om te sien of Hy die man op die Sabbatdag gesond sal maak. Hulle wou Hom beskuldig dat Hy verkeerd gedoen het.

3Hy sê toe vir die man met die gebreklike hand: “Kom staan hier tussen die mense sodat almal jou kan sien.”

4Jesus het vir die mense gevra: “Mag ’n mens op die Sabbatdag goed doen of verkeerd doen? Mag ’n mens iemand se lewe red, of mag ’n mens hom doodmaak?” Maar die mense het stilgebly.

5Jesus het na die mense rondom Hom gekyk. Hy was kwaad en ook hartseer omdat hulle hardkoppig was. Hy sê toe vir die man: “Steek jou hand uit!” Die man het sy hand uitgesteek, en toe was sy hand gesond.

6Die Fariseërs het uitgegaan en hulle het dadelik saam met die Herodiane planne gemaak om Jesus dood te maak.

Baie mense kom na Jesus toe

(Ook Matt 12:15-16; 4:25; Luk 6:17-19)

7Jesus en sy dissipels het teruggegaan na die see en ’n klomp mense van die provinsie Galilea het saam met Hom gegaan. Daar het ook baie mense van die provinsie Judea gekom,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8en van Jerusalem, en van die ander kant van die Jordaan-rivier en van die plekke rondom die stede Tirus en Sidon. Hulle het na Jesus toe gekom, want hulle het gehoor van die dinge wat Hy doen.

9Jesus het vir sy dissipels gesê hulle moet vir Hom ’n bootjie kry. Daar was so baie mense dat Jesus bang was hulle druk teen Hom en maak Hom seer.

10Jesus het baie mense gesond gemaak, en almal wat siek was, wou by Jesus kom en aan Hom raak.

11Daar was ook mense wat onrein geeste in hulle gehad het. Elke maal wanneer hulle Jesus gesien het, het hulle voor Hom op die grond geval en geskree: “U is die Seun van God,”

12maar Jesus het gesê hulle mag glad nie sê wie Hy is nie.

Jesus kies twaalf apostels

(Ook Matt 10:1-4; Luk 6:12-16)

13Jesus het na die berg gegaan en Hy het die mense wat Hy daar wou hê, na Hom toe geroep. Hulle het na Hom toe gekom.

14Hy het twaalf manne gekies en Hy het hulle apostels genoem. Hulle moes by Hom bly. Hy wou hulle stuur sodat hulle kon gaan preek.

15Hy het vir hulle krag gegee om duiwels uit mense te jaag.

16Jesus het twaalf apostels gekies en aangestel. Hy het vir Simon die naam Petrus gegee,

17en Hy het vir Jakobus en Johannes, die twee seuns van Sebedeus, die naam Boanerges gegee. Dit beteken “Manne van die donderweer.”

18Die ander apostels was: Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Taddeus, Simon die patriot,

19en Judas Iskariot wat later vir Jesus verraai het.

Die skrifgeleerdes sê Jesus is Beëlsebul

(Ook Matt 12:22-26,29-32; Luk 11:14-15,17-23; 12:10)

20Daarna het Jesus huis toe gegaan. Daar het weer so baie mense bymekaargekom dat Hy en sy dissipels nie kon eet nie.

21Toe Jesus se familie dit hoor, het hulle gegaan om Hom daar weg te vat, want party mense het gesê: “Hy is mal!”

22Die skrifgeleerdes wat van Jerusalem gekom het, het gesê: “Beëlsebul, die leier van die duiwels, is in hom. Beëlsebul help vir Jesus om die duiwels uit te jaag.”

23Jesus het die mense geroep om nader te kom en Hy het vir hulle gelykenisse vertel. Hy het gesê: “Hoe kan die Satan homself uitjaag? Hy kan nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

24As die mense van ’n land nie met mekaar kan saamwerk nie, dan kan hulle nie
aanhou lewe nie.

25En as die mense van ’n huisgesin nie met mekaar kan saamwerk nie, dan sal
daardie huisgesin nie bymekaar bly nie.

26Wat julle sê, beteken dat die Satan teen homself baklei, en dat hy nie met homself
kan saamwerk nie. As dit so is, dan kan hy niks meer doen nie, en dan is dit sy einde.

27’n Mens kan nie maklik in die huis van ’n sterk man ingaan en sy goed steel nie.
Nee, jy moet eers die sterk man vasbind, dan kan jy alles in sy huis steel.

28Ek sê vir julle, en dit is seker: God sal mense vergewe wanneer hulle sonde doen en
sleg praat van iemand.

29Maar as iemand iets sleg sê teen die Heilige Gees, dan sal God dit nooit vergewe
nie. So iemand sal altyd skuldig wees.”

30Jesus het dit gesê omdat die mense gesê het: “Hy het ’n onrein gees in hom.”

Jesus se ma en sy broers

(Ook Matt 12:46-50; Luk 8:19-21)

31Jesus se ma en sy broers het na Hom toe gekom. Hulle het buite bly staan, en hulle
het ’n boodskap na Hom toe gestuur om Hom te roep.

32Baie mense het rondom Jesus gesit. Hulle het vir Hom gesê: “Kyk, jou ma en jou
broers en jou susters is daar buite en hulle soek jou.”

33Jesus het vir hulle gevra: “Wie is my ma en my broers?”

34Hy kyk toe na die mense wat in ’n kring rondom Hom sit, en Hy sê: “Hierdie mense
is my ma en my broers.

35Elkeen wat doen wat God wil hê, is my broer of my suster of my ma.”

Markus 4

Die gelykenis van die saaier

(Ook Matt 13:1-9; Luk 8:4-8)

1Jesus het weer vir die mense langs die see begin leer. Daar het ’n groot klomp
mense na Hom toe gekom en hulle het by Hom kom staan. Daarom het Jesus in ’n
boot geklim wat in die water gelê het, en Hy het gaan sit. Al die mense het op die
strand langs die water gestaan.

2Jesus het altyd vir hulle gelykenisse vertel en vir hulle baie dinge geleer. Hy het
gesê:

3“Luister wat Ek vir julle sê: ’n Man het saad gaan saai, hy was die saaier.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4Terwyl hy gesaai het, het party van die saad op die voetpad in die koringland geval. Die voëls het gekom en hulle het die saad opgepik.

5Party van die saad het op vlak grond geval. Daar was klip onder die grond. Die saad het gou begin groei omdat die grond nie diep was nie.

6Maar toe die son opkom en warm word, het die plante doodgebrand, omdat dit nie sterk wortels gehad het nie.

7Party van die saad het tussen die dorings geval. Die dorings het gegroei en grootgeword en dit het die ander plantjies heeltemal toegegroei. Die man het daar niks koring afgesny nie.

8Party van die saad het in vrugbare grond geval. Dit het opgekom en gegroei en daar was baie koring. Een plant het 30 maal meer gegee as die saad, 'n ander plant 60 maal meer, en 'n ander plant 100 maal meer."

9Jesus het gesê: "As iemand kan verstaan wat Ek sê, dan moet hy gehoorsaam wees!"

Jesus sê hoekom Hy gelykenisse vertel

(Ook Matt 13:10-11,13; Luk 8:9-10)

10Later was Jesus alleen. Die twaalf dissipels en die ander mense by Hom het vir Hom gevra wat die gelykenisse beteken.

11Jesus het vir hulle gesê: "God het vir julle gehelp om die geheim te verstaan dat Hy die Koning is en dat Hy regeer. Die ander mense wat nie aan My behoort nie, verstaan dit nie.

12Ek vertel vir hulle die gelykenisse " want Ek wil hê hulle moet kyk en kyk maar niks sien nie, en hulle moet hoor en hoor maar niks verstaan nie. As die ander mense dit verstaan het, dan sou hulle begin lewe het soos God wil hê, en dan sou God hulle sonde vergewe het."

Jesus sê wat die gelykenis van die saaier beteken

(Ook Matt 13:18-23; Luk 8:11-15)

13Jesus sê toe vir sy dissipels: "Verstaan julle nie hierdie gelykenis nie? As julle dit nie verstaan nie, dan sal julle die ander gelykenisse nog minder verstaan.

14Die saad wat die saaier saai, is die boodskap wat van God kom.

15Wanneer die saad op die voetpad val, dan is dit soos wanneer mense die woorde van die boodskap hoor, maar die Satan kom dadelik en hy vat die woorde weg wat God in hulle harte gesaai het.

16Wanneer die saad in vlak grond val waar daar klippe onder die grond is, dan is dit soos wanneer mense die boodskap hoor en dadelik bly is daaroor.

© Bible Society of South Africa.

17Maar hulle is soos die plante wat nie diep wortels het nie en wat net ’n kort tydjie
lewe. Hulle hoor die boodskap en hulle glo dit, maar wanneer die mense hulle
daaroor verdruk, en hulle begin swaarkry, dan hou hulle op om te glo.

18Wanneer die saad tussen die dorings val, dan is dit soos wanneer mense die
boodskap hoor

19maar hulle is bekommerd oor die dinge van hierdie wêreld. Hulle dink net aan geld
en hulle wil baie ander dinge graag hê. Die dinge van die wêreld is soos die dorings
wat die koringplantjies toegroei. Vir hierdie mense word ander dinge belangriker as
die boodskap van God. Daarom kan die boodskap nie hulle lewe verander nie, soos
die saad nie vrugte dra nie.

20Wanneer die saad in vrugbare grond val, dan is dit soos wanneer mense die
boodskap hoor en dit glo, en dit verander hulle lewe. Dit dra vrugte, by party mense
30 maal meer as die saad wat die saaier gesaai het, by party mense 60 maal meer, en
by party mense 100 maal meer.”

Die dissipels moet goed luister na die boodskap van God

(Ook Matt 5:15; 10:26; 7:2; 13:12; Luk 8:16-18; 11:33)

21Jesus het ook vir hulle gesê: “Niemand sit ’n lamp onder ’n emmer of onder ’n bed
nie. Nee! ’n Mens sit ’n lamp op die lampstaander.

22God is Koning. Niemand kan hierdie geheim wegsteek nie. Almal sal daarvan weet
en almal sal dit kan sien. Daar is dinge wat mense nou nie ken nie, maar God sal dit
vir hulle wys.

23As iemand kan verstaan wat Ek sê, dan moet hy gehoorsaam wees!”

24Jesus het ook vir hulle gesê: “Julle moet goed luister na die boodskap van God. God
sal luister na julle soos julle luister na Hom. Hy sal nog beter luister na julle.

25As iemand klaar die boodskap ’n klein bietjie verstaan, dan sal God hom help om
nog beter te verstaan. Maar as iemand dit nie verstaan nie, dan sal God hom nie help
nie, hy sal niks verstaan nie.”

Die gelykenis van die saad wat self groei

26Jesus het gesê: “Wanneer God Koning is, dan is dit soos wanneer ’n man saad in
die grond saai,

27en dan in die aand gaan slaap en in die oggend opstaan. Die saad begin groei en die
plante word groter. Die man weet nie hoe dit gebeur nie.

28Die grond laat die koring self groei. Eers groei ’n klein plantjie, dan kom die koring-
aar uit en daarna word dit ’n groot koring-aar.

29Wanneer die koring ryp is, dan sny die man dit dadelik af met ’n sekel, want dan is
dit die tyd om dit te doen.”

Die gelykenis van die mosterd-saad

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

(Ook Matt 13:31-32; Luk 13:18-19)

30 Jesus het gesê: “Hoe kan Ek vir julle verduidelik hoe dit is wanneer God Koning is?
Watter gelykenis kan Ek gebruik?

31 Dit is soos ’n mosterd-saad. Iemand plant dit, en dit is die kleinste saadjie op die
aarde.

32 Maar wanneer hy dit geplant het en die plant klaar gegroei het, dan is dit groter as
al die ander plante in die tuin. Dit kry groot takke en die voëls maak neste in sy
skaduwee.”

Hoekom Jesus gelykenisse vertel het

(Ook Matt 13:34)

33 Jesus het baie gelykenisse soos hierdie vertel wanneer Hy met die mense gepraat
het. Hy het gelykenisse vertel wat hulle kon verstaan.

34 Hy het altyd gelykenisse gebruik wanneer Hy met die mense gepraat het. Wanneer
Hy alleen was saam met sy dissipels, dan het Hy vir hulle verduidelik wat die
gelykenisse beteken.

Jesus maak die storm stil

(Ook Matt 8:23-27; Luk 8:22-25)

35 Daardie aand het Jesus vir sy dissipels gesê: “Kom ons gaan oor na die ander kant
van die see.”

36 Die dissipels het weggegaan van die groot klomp mense. Jesus was nog in die boot
en die dissipels het Hom saamgeneem. Daar was ook ander bote saam met hulle.

37 ’n Sterk stormwind het begin waai en die branders het so hoog teen die boot begin
slaan dat die boot vol water begin word het.

38 Jesus het agter in die boot op ’n kussing gelê en slaap. Die dissipels maak Hom toe
wakker en hulle vra vir Hom: “Meneer, is U nie bekommerd oor ons nie? Ons sal
verdrink!”

39 Jesus het opgestaan en Hy het kwaai met die wind gepraat. Hy het vir die see gesê:
“Bly stil! Word kalm!” Die wind het opgehou waai en die see het stil en kalm geword.

40 Jesus vra toe vir hulle: “Hoekom is julle bang? Glo julle nou nog nie in My nie?”

41 Die dissipels het baie bang geword. Hulle sê toe vir mekaar: “Wie is hierdie Man?
Ook die wind en die see luister na Hom.”

Markus 5

Jesus jaag onrein geeste uit ’n man

(Ook Matt 8:28-34; Luk 8:26-39)

1 Jesus en sy dissipels het by die ander kant van die see in die land van die
Geraseners aangekom.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[2]Toe Jesus uit die boot klim, het ’n man van die grafte af gekom en reguit na Jesus toe gegaan. Daar was ’n onrein gees in die man, die man het gedoen wat die onrein gees vir hom sê.

[3]Hierdie man het tussen die grafte gewoon. Niemand kon hom vasbind nie, ook nie met ’n ketting nie.

[4]Die mense het baie maal sy hande en sy voete vasgebind, maar hy het die kettings en die voetboeie stukkend gebreek. Niemand kon hom vashou nie.

[5]Hy het altyd tussen die grafte en in die berge geloop, elke dag en nag. Hy het geskree en hy het homself stukkend gekap met klippe.

[6]Toe Jesus nog ver van hom was, het hy Jesus gesien. Hy het na Jesus toe gehardloop en hy het voor Hom gekniel.

[7-8]Jesus het gesê: “Onrein gees, gaan uit die man uit!” Die man het hard geskree: “Wat wil U van my hê, Jesus, Seun van die Hoogste God? Ek vra vir U: Moenie vir my seermaak nie. Belowe dit voor God.”

[9]Jesus vra toe vir hom: “Wat is jou naam?” en hy antwoord: “My naam is Legioen, want ons is baie onrein geeste.”

[10]Hy het aangehou om vir Jesus baie ernstig te vra om die onrein geeste nie weg te stuur uit die land nie.

[11]’n Groot klomp varke het teen die berg gewei.

[12]Die onrein geeste het vir Jesus gesoebat en gesê: “Stuur ons asseblief na die varke toe sodat ons in hulle kan ingaan.”

[13]Jesus het gesê hulle mag gaan. Die onrein geeste het uit die man uitgegaan en hulle het in die varke ingegaan. Daar was omtrent 2 000 varke. Die varke het teen die berg afgehardloop tot binne-in die see. Daar het almal verdrink.

[14]Die wagters wat die varke opgepas het, het weggehardloop en hulle het alles gaan vertel vir die mense in die stad en op die plase. Die mense het gekom om te kyk wat gebeur het.

[15]Toe kom hulle by Jesus en hulle sien vir Legioen, die man wat die klomp duiwels in hom gehad het. Hy het klere aangehad. Daar was nie meer duiwels in hom nie, hy was nie meer mal nie. Die mense het toe baie bang geword.

[16]Die ander mense wat alles gesien het, het vir hulle vertel wat gebeur het met die man wat die duiwels in hom gehad het en wat gebeur het met die varke.

[17]Toe het almal vir Jesus gesoebat om weg te gaan van hulle plek.

[18]Jesus het in die boot geklim. Die man wat die duiwels in hom gehad het, het aangehou soebat om saam met Jesus te gaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Maar Jesus wou hom nie laat saamkom nie. Hy het vir die man gesê: “Gaan na jou
huis en na jou familie toe. Vertel vir hulle wat die Here vir jou gedoen het. Vertel vir
hulle dat die Here goed was vir jou toe dit sleg gegaan het met jou.”

20Die man het toe weggegaan en hy het in Dekapolis gaan vertel wat Jesus vir hom
gedoen het. Almal was verbaas daaroor.

Jesus maak ’n dogtertjie en ’n vrou gesond

(Ook Matt 9:18-26; Luk 8:40-44,48,52-56)

21Daarna het Jesus weer in die boot na die ander kant van die see gegaan. ’n Klomp
mense het daar langs die see by Hom bymekaargekom.

22Jaïrus, een van die hoofde van die sinagoge, het daar aangekom. Toe hy vir Jesus
sien, het hy voor Hom op die grond geval

23en vir Jesus gesoebat: “My dogtertjie is baie siek en sy gaan sterf. Kom sit asseblief
u hande op haar sodat sy gesond kan word en kan lewe.”

24Jesus het saam met Jaïrus gegaan. ’n Klomp mense het ook saamgegaan en hulle
was so baie dat hulle teen Jesus gedruk het.

25Daar was ’n vrou wat twaalf jaar lank siek was. Sy het aangehou bloei.

26Sy het baie swaar gekry. Sy was by baie dokters en sy het alles wat sy gehad het,
gegee om hulle te betaal, maar dit het nie gehelp nie. Sy het nog sieker geword.

27Sy het van Jesus gehoor en sy het van agter gekom, tussen die klomp mense deur.
Sy het aan Jesus se klere geraak.

28Sy het gedink as sy net aan Jesus se klere kan raak, dan sal sy gesond word.

29Sy het dadelik opgehou bloei en sy het geweet haar liggaam is gesond.

30Jesus het ook gevoel dat van sy krag uit Hom uitgegaan het. Hy het omgedraai
tussen die klomp mense en gevra: “Wie het aan my klere geraak?”

31Sy dissipels sê toe vir Hom: “U sien daar is baie mense wat naby U staan en teen U
druk. Hoekom vra U: ‘Wie het aan My geraak?’ ”

32Jesus het rondgekyk om te sien wie dit gedoen het.

33Toe die vrou sien wat met haar gebeur het, het sy gebewe, want sy was baie bang.
Sy het gekom en voor Jesus gekniel en sy het vir Hom vertel wat gebeur het.

34Jesus sê toe vir haar: “Mevrou, jy het nou gesond geword, want jy het geglo. Gaan
nou huis toe, dit sal goed gaan met jou, jou siekte is weg.”

35Jaïrus was ’n hoof van die sinagoge. Daar het mense van sy huis na hom toe
gekom. Jesus was besig om met die vrou te praat, en toe sê die mense vir Jaïrus: “Jou
dogter is dood. Hoekom pla julle nog die Meneer?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

36Jesus het gehoor wat hulle gesê het, maar Hy het vir Jaïrus gesê: “Jy moet ophou bang wees, jy moet aanhou glo.”

37Jesus het vir Petrus en Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus, saam met Hom geneem. Hy het niemand anders saamgeneem nie.

38Toe hulle by Jaïrus se huis kom, hoor Jesus ’n klomp mense raas baie hard. Hulle was besig om te huil en te treur.

39Jesus het ingegaan en vir hulle gesê: “Hoekom raas en huil julle so baie? Die kind is nie dood nie, sy slaap.”

40Maar die mense het gelag omdat Jesus gesê het sy slaap. Jesus het almal uit die huis gejaag. Toe neem Hy die pa van die kind en haar ma saam met Hom, en ook die drie dissipels wat by Hom was. Hulle het ingegaan in die kamer waar die kind was.

41Jesus neem toe die kind se hand en Hy sê vir haar: “Talita, koem!” Dit beteken “Dogtertjie, staan op!”

42Die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop. Sy was twaalf jaar oud. Die mense was toe baie verbaas.

43Jesus het vir hulle gesê hulle mag glad nie vir iemand daarvan vertel nie. Hy het ook gesê hulle moet vir haar kos gee om te eet.

Markus 6

Die mense van Nasaret glo nie in Jesus nie

(Ook Matt 13:53-58; Luk 4:16,22,24)

1Jesus het weggegaan van daardie plek. Hy kom toe in Nasaret, die stad waar Hy grootgeword het. Sy dissipels het saam met Hom gegaan.

2Toe die Sabbatdag begin, het Hy vir die mense begin leer in die sinagoge. Baie mense het geluister na Hom. Hulle was baie verbaas en hulle het gesê: “Waar het hy al hierdie dinge geleer? Waar het hy hierdie wysheid gekry? Hoe kan hy hierdie wonderwerke doen?

3Ons weet Jesus is ’n man wat houtwerk doen. Hy is Maria se seun en hy is die broer van Jakobus en Joses en Judas en Simon. Sy susters is ook hier by ons.” Die mense het glad nie gehou van wat Jesus gesê en gedoen het nie.

4Jesus het vir hulle gesê: “Die mense in ander stede luister na ’n profeet en hulle respekteer hom. Maar die mense in sy eie stad, in sy eie familie en sy eie huisgesin respekteer hom nie.”

5Jesus kon nie een wonderwerk in Nasaret doen nie. Hy het sy hande net op ’n paar siek mense gesit en Hy het hulle gesond gemaak.

6Jesus was verbaas omdat die mense nie in Hom geglo het nie.

© Bible Society of South Africa.

Jesus stuur die twaalf dissipels om te gaan preek

(Ook Matt 9:35; 10:1,7-11,14; Luk 9:1-6)

Jesus het aangehou om in elke stad daar naby vir die mense te leer.

7Hy het ook die twaalf dissipels geroep en Hy het hulle na die mense toe gestuur. Hy het gesê hulle moenie alleen gaan nie, hulle moet twee-twee saam gaan. Hy het gesê Hy sal vir hulle krag gee om onrein geeste uit mense uit te jaag.

8Jesus het vir hulle gesê hulle mag niks saamneem wanneer hulle gaan nie. Hulle mag net ’n kierie saamneem, maar nie kos, of ’n rugsak, of geld in hulle beursies nie.

9Hulle mag sandale aantrek, en hulle moenie nog klere saamneem nie.

10Jesus het ook vir hulle gesê: “Wanneer mense julle nooi om in hulle huis te bly, dan moet julle daar bly totdat julle weggaan uit daardie stad.

11En wanneer die mense in ’n stad julle nie daar wil laat bly nie en nie vir julle wil luister nie, dan moet julle weggaan van daardie stad en julle moet die stof van julle voete afskud. So sal julle vir hulle waarsku dat God hulle sal straf.”

12Die dissipels het na die mense toe gegaan en gepreek. Hulle het vir die mense gesê hulle moet verander en lewe soos God wil hê.

13Die dissipels het ook baie duiwels uitgejaag uit mense, en hulle het baie siek mense gesalf met olyf-olie en hulle het die mense gesond gemaak.

Koning Herodes maak vir Johannes die Doper dood

(Ook Matt 14:1-12; Luk 9:7-9; 3:19-20)

14Al die mense het oor Jesus gepraat, daarom het koning Herodes ook van Hom gehoor. Party mense het gesê: “Jesus is Johannes die Doper. Johannes het gesterf, maar hy lewe weer. Daarom doen hy wonderwerke.”

15Party mense het gesê: “Hy is Elia.” Ander mense het gesê: “Jesus is ’n profeet, soos een van die profete wat lank gelede gelewe het.”

16Toe koning Herodes van Jesus hoor, het hy gesê: “Ek het Johannes die Doper se kop laat afkap, en nou lewe hy weer.”

17-18Herodes het voor daardie tyd soldate gestuur om Johannes te vang en te boei en in die tronk toe te sluit. Herodes het getrou met Herodias, sy broer Filippus se vrou, en Johannes het aangehou om vir Herodes te sê hy mag nie met sy broer se vrou trou nie. Daarom het Herodes vir Johannes laat vang.

19Herodias het vir Johannes gehaat. Sy wou hom laat doodmaak maar sy kon nie,

20want koning Herodes was bang vir Johannes. Hy het geweet Johannes is ’n goeie en ’n eerlike man en hy lewe naby God. Daarom het koning Herodes vir Johannes beskerm. Herodes het baie maal na Johannes toe gegaan om te hoor wat hy sê, en

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

dan het hy bekommerd geword. Maar hy het weer en weer gegaan, want hy wou graag na Johannes luister.

21Eendag het Herodias gesien sy kan nou vir Johannes laat doodmaak. Koning Herodes het verjaar en hy het ’n groot fees gehou vir al sy belangrike amptenare en offisiere en die belangrike mense van die provinsie Galilea.

22Herodias se dogter het ingekom om vir hulle te dans. Koning Herodes en al die mense wat daar was, het baie daarvan gehou. Die koning sê toe vir die meisie: “Jy mag vir my enige iets vra wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee.”

23Hy het weer en weer vir haar belowe: “Ek sal vir jou enige iets gee wat jy vir my vra. As jy vir my die helfte van my land vra, dan sal ek dit ook vir jou gee.”

24Die dogter het na haar ma toe gegaan en vir haar gevra: “Wat moet ek vra?” Herodias het geantwoord: “Jy moet sê jy wil die kop van Johannes die Doper hê.”

25Die dogter het haastig na die koning toe gegaan en vir hom gesê: “Ek wil hê jy moet dadelik vir my die kop van Johannes die Doper in ’n skottel bring.”

26Die koning het baie hartseer geword, maar al die mense wat saam geëet het, het gehoor wat hy belowe het, en hy wou nie sy belofte breek nie.

27Die koning het dadelik ’n soldaat gestuur en vir hom gesê hy moet Johannes se kop bring. Die soldaat het na die tronk gegaan en hy het Johannes se kop afgekap.

28Hy het Johannes die Doper se kop in ’n skottel gebring en hy het dit vir die meisie gegee, en die meisie het dit vir haar ma gegee.

29Toe Johannes se dissipels daarvan hoor, het hulle gekom en hulle het sy lyk weggeneem en begrawe.

Die apostels kom terug

(Ook Luk 9:10-11; Matt 14:12-13; Joh 6:1-2)

30Die apostels het teruggekom na Jesus toe en hulle het vir Hom alles vertel wat hulle gedoen het en wat hulle vir die mense geleer het.

31Mense het aanhoudend na Jesus toe gekom en hulle het nie tyd gehad om te eet nie. Jesus sê toe vir sy dissipels: “Julle moet saam met My na ’n stil plek gaan sodat julle ’n bietjie kan rus.”

32Hulle het in ’n boot weggegaan na ’n stil plek om alleen te wees.

33Baie mense het gesien Jesus en sy dissipels gaan weg en hulle het geweet waarnatoe hulle gaan. Die mense het van verskillende stede vinnig na die plek gehardloop. Hulle het voor Jesus en sy dissipels daar aangekom.

34Jesus het uit die boot geklim, en Hy het die klomp mense gesien. Hy was baie jammer vir hulle en Hy was bekommerd oor hulle, want hulle was soos skape wat nie ’n skaapwagter het nie. Jesus het begin om vir die mense baie dinge te leer.

© Bible Society of South Africa.

Jesus gee vir 5 000 mense kos

(Ook Matt 14:13-21; Luk 9:10-17; Joh 6:1-13)

35Dit het laat geword, en Jesus se dissipels het na Hom toe gekom. Hulle het vir Hom gesê: “Hierdie plek is ver van ’n stad en dit is al laat.

36Stuur die mense weg sodat hulle na die plase en dorpies hier naby kan gaan en vir hulle kos kan koop om te eet.”

37Maar Jesus het gesê: “Dit is júlle wat vir hulle kos moet gee om te eet.” Die dissipels sê toe vir Hom: “As ons vir al hierdie mense kos moet koop, dan sal dit 200 silwer geldstukke kos. Wil U hê ons moet dit doen?”

38Jesus het vir hulle gevra: “Hoeveel brood het julle? Gaan kyk.” Die dissipels het gaan kyk en hulle sê toe vir Jesus: “Ons het vyf brode en twee visse.”

39Jesus het gesê hulle moet al die mense in groepe bymekaar op die groen gras laat sit om te eet.

40Die mense het gaan sit. In party groepe was daar 100 mense, en in ander groepe was daar 50 mense.

41Toe het Jesus die vyf brode en die twee visse geneem en Hy het opgekyk na die hemel. Hy het God geprys en dankie gesê vir die kos. Daarna het Hy die brood in stukke gebreek en Hy het dit vir sy dissipels gegee om vir die mense te gee. Hy het ook die twee visse verdeel en vir al die mense daarvan gegee.

42Almal het genoeg geëet.

43Toe die mense klaar geëet het, het die dissipels twaalf mandjies vol stukkies brood en vis opgetel wat oorgebly het.

44Daar was baie mense wat van die kos geëet het. Die mans was omtrent 5 000.

Jesus loop op die see

(Ook Matt 14:22-27,32-33; Joh 6:16-21)

45Daarna het Jesus vir sy dissipels gesê hulle moet dadelik in die boot klim en hulle moet voor Hom na die ander kant van die see gaan, na die stad Betsaida. Jesus het agtergebly en vir die mense gesê hulle moet huis toe gaan.

46Jesus het die mense gegroet, en toe het Hy na die berg gegaan om te bid.

47Toe dit aand geword het, was die dissipels en hulle boot amper in die middel van die see, en Jesus was alleen op die land.

48Hy het gesien sy dissipels kry swaar om te roei, want die wind het sterk van voor gewaai. Vroeg die volgende oggend voordat dit lig geword het, het Jesus na hulle toe gegaan. Hy het op die water geloop en Hy wou na hulle toe kom.

49Toe sy dissipels Hom op die water sien loop, het hulle gedink dit is ’n spook en hulle het hard geskree.

© Bible Society of South Africa.

50Al die dissipels het Hom gesien en hulle het baie bang geword. Jesus het dadelik
met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Toemaar, dit is Ek! Moenie bang wees nie.”

51Jesus het by hulle in die boot geklim, en die wind het opgehou waai. Die dissipels
se monde was oop, hulle was baie verbaas.

52Hulle het ook nie verstaan wat dit beteken het toe Jesus die brood meer gemaak
het nie. Maar hulle was hardkoppig, hulle wou nie verstaan nie.

Jesus maak mense gesond by die stad Gennesaret

(Ook Matt 14:34-36; Joh 6:22-25)

53Jesus en die dissipels het na die ander kant van die see gegaan, en by die stad
Gennesaret gekom. Hulle het die boot daar vasgemaak.

54Toe hulle uit die boot klim, het die mense dadelik gesien dit is Jesus.

55Die mense het na al die plekke gehardloop, en hulle het die siek mense op hulle
slaapmatte na Jesus toe gedra.

56Op elke dorpie, in elke stad en op elke plaas waar Jesus gekom het, het hulle die
siek mense op die oop plekke neergesit. Hulle het vir Jesus gevra of die siek mense
aan die soom van sy bo-kleed mag raak. En almal wat dit gedoen het, het gesond
geword.

Markus 7

God se wette en die reëls van mense

(Ook Matt 15:1-9; Luk 11:37-41)

1Die Fariseërs het by Jesus bymekaargekom. Saam met hulle was daar
ook skrifgeleerdes wat van Jerusalem gekom het.

2Die Fariseërs en die skrifgeleerdes het gesien party van die dissipels van Jesus het
hulle kos met onrein hande geëet. Dit beteken hulle het nie hulle hande eers op ’n
spesiale manier gewas nie.

3Die Fariseërs en al die Jode het altyd eers hulle hande op ’n spesiale manier gewas
voordat hulle geëet het. Hulle het dit gedoen soos hulle voorouers altyd gedoen het.

4Wanneer hulle iets gekoop het, dan het hulle dit altyd eers op ’n spesiale manier
gewas. Dan het hulle geëet. Hulle het ook nog baie ander dinge gedoen soos hulle
voorouers gedoen het, hulle het hulle koppies, bekers, koperbakke, tafels en banke
op ’n spesiale manier gewas.

5Die Fariseërs en die skrifgeleerdes het vir Jesus gevra: “Hoekom lewe jou dissipels
nie soos ons voorouers vir ons geleer het nie? Hulle eet met onrein hande.”

© Bible Society of South Africa.

6Jesus sê toe vir hulle: “Julle is skynheilig. Dit is waar wat die profeet Jesaja oor julle gesê het. Hy het geskryf: “God sê: Hierdie volk sê hulle respekteer My, maar dit is nie waar nie, hulle harte is ver van My.

7Dit help niks om God so te dien nie. Want hulle leer vir die mense wette wat hulle self gemaak het, en dan sê hulle dit is God se wette.

8“Julle luister nie na wat God vir julle sê nie. Maar julle hou aan om te doen wat mense sê.”

9Jesus het ook vir hulle gesê: “Julle vergeet God se wette maklik, sodat julle kan aanhou doen wat julle voorouers altyd gedoen het.

10Moses het gesê: ‘ Jy moet jou ouers respekteer.’ Hy het ook gesê: ‘ As iemand sy pa of sy ma vervloek, dan moet hy sterf. Dit is seker!’

11Maar julle sê iemand mag vir sy pa of vir sy ma sê: ‘Ek kan julle nie help nie, want die goed wat ek vir julle moes gee, is nou korban, dit beteken ek het dit vir die Here gegee.’

12Julle sê vir hom hy moenie sy pa of sy ma help nie.

13Julle doen nooit wat God vir julle sê nie, julle doen net wat julle voorouers vir julle gesê het. Julle doen baie maal dinge soos hierdie.”

Dinge wat ’n mens onrein maak

(Ook Matt 15:10-20; Luk 6:39)

14Jesus het weer die klomp mense na Hom toe geroep en vir hulle gesê: “Julle moet almal na My luister, sodat julle kan verstaan wat Ek sê.

15Die kos wat by ’n mens se mond ingaan, maak hom nie onrein nie. ’n Mens word onrein van die dinge wat uit sy mond uitgaan, die dinge wat hy sê.”

16 17Jesus het in die huis ingegaan, weg van die klomp mense. Sy dissipels het vir Hom gevra wat die gelykenis beteken wat Hy vertel het.

18Jesus het vir hulle gesê: “Julle is my dissipels, maar ook júlle verstaan dit nie. Die kos wat van buite in ’n mens ingaan, kan hom nie onrein maak nie.

19Want die kos gaan nie in sy hart in nie, maar in sy maag, en dan gaan dit weer uit sy liggaam uit.” Hierdie woorde van Jesus het beteken al die kos is rein.

20Jesus het gesê: “Iets wat uit ’n mens uitgaan, die dinge wat hy sê, kan hom onrein maak,

21-22want die slegte dinge wat ’n mens dink, kom van binne, uit sy hart. Dit is die slegte dinge wat ’n mens dink wat hom laat sonde doen: soos om seks te hê met iemand met wie hy nie mag nie, of te steel, of ’n mens te vermoor, of egbreuk te pleeg, of ander mense se goed te wil hê, of slegte dinge te doen, of skelm te wees, of

© Bible Society of South Africa.

te doen net wat hy wil, of jaloers te wees, of sleg te praat van ander mense, of hoogmoedig te wees, of nie te dink wat hy doen nie.

23 Al hierdie slegte dinge kom van binne. Dit maak ’n mens onrein.”

Die geloof van ’n vrou wat nie ’n Jood was nie

(Ook Matt 15:21-22,25-28)

24 Jesus het opgestaan en Hy het van daar weggegaan na plekke naby die stad Tirus. Hy het in ’n huis gaan bly, en Hy wou nie hê iemand moes weet Hy is daar nie. Maar die mense het gou uitgevind dat Hy gekom het.

25 ’n Vrou wie se dogtertjie ’n onrein gees in haar gehad het, het dadelik gehoor Jesus is daar. Sy het gekom en sy het voor Jesus gekniel.

26 Sy was ’n Griekse vrou wat in Siro-Fenisië gebore is. Sy het aangehou om vir Jesus te vra om die duiwel uit haar dogter uit te jaag.

27 Maar Jesus het vir haar gesê: “Die Jode is die kinders van God. Hulle moet eers klaar eet. Die heidene is soos die hondjies wat buite is. Hulle moet wag, want dit is nie reg om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie.”

28 Die vrou het vir Jesus gesê: “Dit is reg, Here, maar ook die hondjies onder die tafel eet van die krummels wat afval wanneer die kinders eet.”

29 Jesus het vir haar gesê: “Jy het goed geantwoord. Jy kan huis toe gaan, want die duiwel het al klaar uit jou dogter uitgegaan.”

30 Die vrou het weggegaan. Toe sy by die huis kom, het sy gesien haar kind lê op die bed en die duiwel het klaar uitgegaan.

Jesus maak ’n dowe man gesond

(Ook Matt 15:29-31)

31 Jesus het weer weggegaan van die plekke naby die stad Tirus. Hy het deur die stad Sidon gegaan en deur Dekapolis na die See van Galilea.

32 Die mense bring toe ’n dowe man wat swaar gepraat het, na Jesus toe. Hulle het vir Jesus gesoebat om sy hand op die man te sit en hom gesond te maak.

33 Jesus het die man weggeneem van die ander mense. Hy het sy vingers in die man se ore gesteek en Hy het spoeg aan die man se tong gesmeer.

34 Jesus het opgekyk na die hemel en hard gesug. Hy het vir die man gesê: “Effata!” Dit beteken “Gaan oop!”

35 Die man kon dadelik hoor. Sy tong het los geword en hy het reg gepraat.

36 Jesus het vir die mense gesê hulle mag vir niemand daarvan vertel nie. Hy het dit baie maal vir hulle gesê, maar hulle het aangehou om vir ander mense daarvan te vertel.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37Die mense was baie verbaas en hulle het gesê: “Alles wat Jesus gedoen het, is goed. Hy laat dowes hoor en Hy laat mense wat stom is, praat.”

Markus 8

Jesus gee vir 4 000 mense kos

(Ook Matt 15:32-39)

1In daardie tyd was daar weer ’n groot klomp mense saam met Jesus en hulle het niks kos gehad nie. Jesus het sy dissipels na Hom toe geroep en vir hulle gesê:

2“Ek voel baie jammer vir al hierdie mense, want hulle is al drie dae by My en hulle het niks kos nie.

3As Ek hulle nou honger wegstuur huis toe, dan sal hulle flou word voordat hulle by die huis is. Party van hulle het van ver gekom.”

4Jesus se dissipels het vir Hom gevra: “Waar sal ons genoeg brood kry vir al die mense? Ons is ver van ’n stad, hier woon niemand nie.”

5Jesus vra toe vir hulle: “Hoeveel brood het julle?” En hulle sê vir Hom: “Ons het sewe brode.”

6Jesus het toe vir al die mense gesê hulle moet op die grond gaan sit om te eet. Hy het die sewe brode geneem en vir God dankie gesê daarvoor. Daarna het Hy die brood in stukke gebreek en dit vir sy dissipels gegee om vir al die mense te gee, en hulle het dit vir die mense gegee.

7Hulle het ook ’n paar vissies gehad. Jesus het dit geneem en weer vir God dankie gesê. Toe het Hy gesê sy dissipels moet die vis ook vir die mense gee.

8Al die mense het genoeg geëet. Sy dissipels het die stukkies bymekaargemaak wat oorgebly het. Dit was sewe groot mandjies vol.

9Daar was omtrent 4 000 mense wat geëet het. Toe het Jesus almal huis toe gestuur.

10Jesus en sy dissipels het toe dadelik in ’n boot geklim en na plekke naby die stad Dalmanuta gegaan.

Die Fariseërs wil ’n wonderteken sien

(Ook Matt 12:38-39; 16:1,4; Luk 11:16,29; 12:54-56)

11Daar kom toe Fariseërs en hulle het met Jesus begin stry. Hulle wou Hom toets en kyk wat Hy doen. Daarom het hulle vir Hom gevra om ’n wonderteken te wys wat van God kom.

12Jesus het gesug en gesê: “Hoekom wil die mense wat nou lewe, ’n wonderteken sien? God sal nie ’n wonderteken vir hulle wys nie. Dit is seker.”

13Jesus het weggegaan van die Fariseërs. Hy het weer in die boot geklim en na die ander kant van die see gegaan.

© Bible Society of South Africa.

Jesus waarsku die dissipels teen koning Herodes en die Fariseërs

(Ook Matt 16:5-11; Luk 12:1)

14Die dissipels het nie genoeg brood saamgeneem nie. Hulle het net een brood by hulle in die boot gehad.

15Jesus het sy dissipels gewaarsku en vir hulle gesê: “Julle moet oppas, julle moet versigtig wees vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van koning Herodes.”

16Die dissipels het daaroor met mekaar gepraat. Hulle het gedink Jesus sê dit omdat hulle nie brood gehad het nie.

17Jesus het geweet wat hulle dink en Hy het vir hulle gevra: “Hoekom praat julle oor die brood wat julle nie het nie? Weet julle nie, verstaan julle nog nie? Hoekom is julle so hardkoppig?

18“ Julle het oë, maar julle sien nie, en julle het ore, maar julle hoor nie. “Kan julle nie onthou nie?

19Toe Ek vyf brode gebreek het en vir die 5 000 mense kos gegee het, hoeveel mandjies vol stukkies het julle daarna opgetel?” Die dissipels het geantwoord: “Twaalf mandjies.”

20Jesus vra toe weer: “En toe Ek die sewe brode gebreek het en vir die 4 000 mense kos gegee het, hoeveel groot mandjies vol stukkies het julle toe opgetel?” Die dissipels het geantwoord: “Sewe mandjies.”

21Toe vra Jesus vir sy dissipels: “Verstaan julle nog nie?”

Jesus maak ’n blinde man gesond in Betsaida

22Jesus en sy dissipels het in die stad Betsaida gekom. Die mense het ’n blinde man na Jesus toe gebring en hulle het Hom gesoebat om aan die man te raak.

23Jesus het die blinde man se hand geneem en Hy het hom uit die dorpie gelei. Jesus het op die man se oë gespoeg en Hy het sy hande op die man gesit. Toe vra Jesus vir hom: “Wat sien jy?”

24Die blinde man het begin sien en hy het vir Jesus gesê: “Ek dink ek sien mense, want ek sien iets soos bome wat loop.”

25Jesus het weer sy hande op die man se oë gesit. Sy oë was gesond en toe hy goed kyk, kon hy alles duidelik sien.

26Jesus het vir die man gesê: “Gaan reguit huis toe. Moenie eers ingaan in die stad nie.”

Wie is Jesus?

(Ook Matt 16:13-16,20; Luk 9:18-21; Joh 6:67-69)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Jesus en sy dissipels het na dorpies naby Sesarea-Filippi gegaan. Terwyl hulle daarnatoe gestap het, het Jesus vir sy dissipels gevra: “Wat sê die mense, wie is Ek?”

28Die dissipels sê toe vir Jesus: “Party mense sê U is Johannes die Doper en party sê U is Elia, party sê U is een van die profete.”

29Jesus het aangehou om vir hulle te vra: “Maar julle, wat sê julle? Wie sê julle is Ek?” Petrus het Hom geantwoord: “U is die Christus!”

30Jesus het toe vir sy dissipels gesê hulle mag nie vir ander mense vertel dat Hy die Christus is nie.

Jesus sê Hy sal sterf en weer lewe

(Ook Matt 16:21-23; Luk 9:22)

31Van toe af het Jesus vir sy dissipels begin verduidelik dat die familieleiers, die priesterleiers en die skrifgeleerdes baie slegte dinge sal doen aan Hom, die Seun van die mens. Hulle sal Hom nie aanvaar nie, hulle sal Hom doodmaak, maar ná drie dae sal Hy weer lewe.

32Jesus het reguit met die dissipels hieroor gepraat. Petrus het vir Jesus weggeneem van die ander dissipels en hy het met Hom geraas.

33Jesus het omgedraai en na die ander dissipels gekyk. Hy het met Petrus geraas en gesê: “Gaan weg van My, Satan. Jy dink nie aan wat God wil hê nie, jy dink aan wat die mense wil hê.”

Hoe ’n mens vir Jesus moet volg

(Ook Matt 16:24-28; Luk 9:23-27; Joh 12:25)

34Jesus het toe al die mense wat daar was, saam met die dissipels na Hom toe geroep. Hy het vir hulle gesê: “As iemand saam met My wil kom, dan moet hy nie dink aan wat hy self graag wil hê nie. Hy moet lewe soos iemand wat weet hy sal aan ’n kruis sterf. Dit is hoe hy My moet volg.

35Want as iemand homself wil red, dan sal hy sy lewe verloor. Maar as iemand sy lewe verloor omdat hy lief is vir My en vir die goeie boodskap, dan sal hy sy lewe red.

36As jy alles in die wêreld kry maar jy verloor jou lewe, dan help dit jou niks.

37Hoeveel sal ’n mens betaal vir sy lewe?

38Die mense wat nou lewe, doen baie sonde. Hulle doen nie wat God wil hê nie. As iemand doen soos hulle en hy wil My nie ken nie en hy wil nie glo wat Ek sê nie, dan sal Ek, die Seun van die mens, hom ook nie wil ken nie. Ek sal hom ook nie wil ken nie wanneer Ek saam met die heilige engele kom en Koning is soos my Vader Koning is.”

Markus 9

© Bible Society of South Africa.

[1]Jesus het vir die mense en vir sy dissipels gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Party mense wat hier staan, sal sien dat God Koning is, hulle sal dit sien voordat hulle sterf.”

God sê Jesus is sy Seun

(Ook Matt 17:1-5,8-9; Luk 9:28-30,33-36)

[2]Ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom geneem tot op ’n hoë berg. Daar was nie ander mense by hulle nie. Daar by hulle het Jesus toe skielik begin anders lyk.

[3]Sy klere het blink en baie wit geword. Niemand op die aarde kon dit witter maak nie.

[4]Elia en Moses het aan hulle verskyn en hulle het met Jesus gestaan en praat.

[5]Petrus sê toe vir Jesus: “Meneer, dit is goed dat ons hier is. Ons moet drie tente maak, een tent vir U, een tent vir Moses en een tent vir Elia.”

[6]Petrus het nie geweet wat hy moet sê nie, want hy en die ander twee dissipels was baie bang.

[7]Daar het toe ’n wolk oor hulle gekom. Hulle het gehoor God praat uit die wolk. God het gesê: “ Dit is my Seun, Ek is lief vir Hom. Julle moet doen wat Hy sê.”

[8]Die drie dissipels het dadelik rondgekyk, maar hulle het net vir Jesus gesien, niemand anders nie.

[9]Jesus en sy dissipels het afgekom van die berg, en Jesus het vir hulle gesê hulle moet vir niemand vertel wat hulle gesien het nie. Hulle kon dit vertel nadat Hy, die Seun van die mens, weer begin lewe het.

[10]Die dissipels was gehoorsaam, maar hulle het met mekaar gepraat en gevra wat dit beteken om weer te begin lewe.

Jesus sê Elia het al klaar gekom

(Ook Matt 17:10-13)

[11]Die dissipels het vir Jesus gevra: “Hoekom sê die skrifgeleerdes Elia moet kom voordat die Messias kom?”

[12]Jesus het vir hulle gesê: “ Elia moet eers kom om alles gereed te maak. Maar hoekom het die profete geskryf dat Ek, die Seun van die mens, baie swaar moet kry en dat die mense slegte dinge sal doen aan My?

[13]Ek sê vir julle: Elia het al klaar gekom, en die mense het met hom alles gedoen wat hulle wou doen. Dit het gebeur soos die profete oor hom geskryf het.”

Daar was ’n onrein gees in ’n seun, en Jesus het die seun gesond gemaak

(Ook Matt 17:14-21; Luk 9:37-43)

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Daarna het Jesus en die drie dissipels teruggegaan na die ander dissipels toe. Hulle het gesien daar is ’n groot klomp mense rondom die ander dissipels. Die skrifgeleerdes was besig om met die dissipels te stry.

15Toe die mense vir Jesus sien, was hulle baie verbaas. Hulle het na Hom toe gehardloop en hulle het Hom gegroet.

16Jesus het vir die skrifgeleerdes gevra: “Hoekom stry julle met my dissipels?”

17Een van die mense het vir Jesus geantwoord: “Meneer, ek het my seun na U toe gebring, want daar is ’n onrein gees in hom wat hom stom maak.

18Wanneer die onrein gees in die seun kom, dan gooi hy die seun op die grond. Dan kry die seun skuim om sy mond, hy byt op sy tande en sy liggaam word heeltemal styf. Ek het vir u dissipels gevra om die onrein gees uit te jaag, maar hulle kon nie.”

19Jesus het vir hulle gesê: “Julle glo nie! Hoe lank moet Ek nog by julle wees? Hoe lank moet Ek nog geduldig wees met julle? Bring die seun na My toe.”

20Hulle het die seun na Jesus toe gebring. Toe die onrein gees vir Jesus sien, het hy dadelik die seun op die grond laat val. Die seun het geruk en geskop en daar was skuim om sy mond.

21Jesus het vir die seun se pa gevra: “Van wanneer kom die onrein gees in jou seun?” Die pa het gesê: “Vandat hy klein was.

22Baie maal het die onrein gees hom in vuur en in die water laat val om hom dood te maak. As U kan, dan moet U asseblief jammer wees vir ons en ons help!”

23Jesus het vir hom gevra: “Hoekom sê jy ‘As U kan?’ Iemand wat glo, kan enige iets doen.”

24Die seun se pa het dadelik hard gesê: “Ek volg U nog nie, maar ek glo, help my asseblief.”

25Toe Jesus sien dat ’n groot klomp mense na hulle toe hardloop, het Hy hard met die onrein gees gepraat en vir hom gesê: “Jy is ’n gees wat mense stom en doof maak. Ek sê vir jou: Gaan uit die seun uit! Jy moet nooit weer in hom inkom nie!”

26Die gees het hard geskree en hy het die seun nog meer laat ruk en skop. Toe het hy uit die seun uitgegaan. Dit het gelyk of die seun dood is, en baie van die mense het gesê hy is dood.

27Jesus het sy hand geneem en hom opgehelp, en die seun het opgestaan.

28Jesus het huis toe gegaan, en toe sy dissipels alleen by Hom was, het hulle vir Hom gesê: “Ons kon nie die onrein gees uitjaag nie. Hoekom nie?”

29Jesus het hulle geantwoord: “’n Mens kan hierdie soort onrein gees net uitjaag as jy tot God bid.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Jesus praat die tweede maal oor sy dood

(Ook Matt 17:22-23; Luk 9:43-45)

30Hulle het van daar weggegaan en deur Galilea gegaan. Jesus wou nie hê iemand
moes weet waar hulle is nie,

31want Hy was besig om vir sy dissipels te leer. Hy het gesê: “God sal My, die Seun
van die mens, vir die mense gee sodat hulle My kan doodmaak. Maar ná drie dae sal
Ek weer lewe.”

32Die dissipels het nog nie verstaan wat Jesus gesê het nie en hulle was te bang om
vir Hom te vra wat sy woorde beteken.

Wie is die belangrikste?

(Ook Matt 18:1-2,5; Luk 9:46-48; Joh 13:20)

33Jesus en sy dissipels het in Kapernaum gekom. Toe Jesus in die huis kom, het Hy vir
die dissipels gevra: “Waaroor het julle met mekaar gestry terwyl julle geloop het?”

34Maar hulle het stilgebly, want terwyl hulle geloop het, het hulle met mekaar gestry
oor wie die belangrikste is.

35Nadat Jesus gaan sit het, het Hy die twaalf dissipels geroep en vir hulle gesê: “As
iemand die belangrikste wil wees, dan moet hy die minste belangrik van almal wees
en dan moet hy almal dien.”

36Jesus het ’n kindjie geneem en Hy het die kindjie voor hulle laat staan. Hy het die
kindjie in sy arms vasgehou en vir sy dissipels gesê:

37“Wanneer iemand vir een van die kinders wat aan My behoort, sê hy is welkom,
dan sê hy Ek is ook welkom by hom. En wanneer Ek by iemand welkom is, dan is my
Vader wat My gestuur het, ook welkom by hom.”

As iemand nie teen Jesus en sy dissipels is nie, dan help hy vir hulle

(Ook Matt 10:42; Luk 9:49-50)

38Johannes het vir Jesus gesê: “Meneer, ons het iemand gesien wat u Naam gebruik
om duiwels uit mense te jaag. Ons het hom probeer keer omdat hy U nie saam met
ons volg nie.”

39Maar Jesus het gesê: “Julle moet hom nie keer nie. As iemand my Naam gebruik
om ’n wonderwerk te doen, dan sal hy nie gou sleg praat oor My nie.

40As hy nie teen ons is nie, dan help hy ons.

41As iemand vir julle ’n beker water gee omdat julle aan Christus behoort, dan sal
God vir hom baie goeie dinge gee. Dit is seker.”

Dinge wat ’n mens laat ophou glo

(Ook Matt 18:6-9; 5:13; Luk 17:1-2; 14:34)

42“En as iemand een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat ophou glo, dan sal dit
baie sleg gaan met hom. Dit sal vir hom beter wees as hulle ’n baie groot klip om sy
nek vasmaak en hom in die see gooi.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

43As dit jou hand is wat jou laat ophou glo, kap dit af. Dit is beter om een hand te hê en die ewige lewe te ontvang, as om twee hande te hê en na die hel te gaan, na die vuur wat nooit ophou brand nie.

44 45En as dit jou voet is wat jou laat ophou glo, kap dit af. Dit is beter om kreupel te wees en die ewige lewe te ontvang as om twee voete te hê en na die hel te gaan.

4647As dit jou oog is wat jou laat ophou glo, ruk dit uit. Dit is beter om een oog te hê en die lewe te ontvang wat kom van God, die Koning, as om met twee oë na die hel te gaan.

48 Daar sal die wurms nie doodgaan nie en die vuur sal nie ophou brand nie.

49As ’n mens swaarkry, dan is dit soos om in vuur te brand, en swaarkry is nodig om elke mens te toets, soos sout nodig is vir kos.

50Sout is nodig vir kos, maar as die sout nie meer soos sout smaak nie, dan kan dit nie meer sout wees nie. Julle moet wees soos goeie sout in kos, daarom moet julle in vrede met mekaar lewe.”

Markus 10

Getroude mense wat skei

(Ook Matt 19:1-9; 5:31-32; Luk 16:18)

1Nadat Jesus weggegaan het van die stad Kapernaum, het Hy oor die Jordaan-rivier gegaan en Hy het toe in die provinsie Judea gekom. ’n Groot klomp mense het rondom Jesus bymekaargekom en Hy het vir hulle weer begin leer soos Hy altyd gedoen het.

2Party Fariseërs het na Hom toe gekom. Hulle wou hê Jesus moes iets sê wat vir Hom probleme kan gee. Hulle het vir Hom gevra: “Mag ’n man skei van sy vrou?”

3Jesus het hulle geantwoord: “Wat het Moses vir julle gesê?”

4Hulle het gesê: “ Moses het gesê ’n man mag vir sy vrou ’n skeibrief gee en van haar skei.”

5Maar Jesus het vir hulle gesê: “Dit is omdat julle so hardkoppig is. Daarom het Moses vir julle hierdie wet gemaak.

6-9 Maar as God ’n man en ’n vrou saamgebind het, dan mag hulle nie skei nie. God wat in die begin alles gemaak het, het die mense so gemaak dat hulle mans en vroue is. “ Daarom sal ’n man weggaan van sy pa en sy ma, en hy sal saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal soos een mens wees. “Daarom is hulle nie meer twee mense nie, maar een.”

10Later, toe hulle weer terug in die huis was, het die dissipels vir Jesus uitgevra oor wat Hy gesê het.

© Bible Society of South Africa.

11Jesus het vir hulle gesê: “As ’n man van sy vrou skei en met ’n ander vrou trou, dan pleeg hy egbreuk teen sy vrou.

12En as ’n vrou van haar man skei en met ’n ander man trou, dan pleeg sy egbreuk.”

Jesus seën kindertjies

(Ook Matt 19:13-15; Luk 18:15-17)

13Die mense het kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy aan hulle kon raak, maar die dissipels het met hulle geraas.

14Toe Jesus dit hoor, het Hy kwaad geword en vir sy dissipels gesê: “Laat die kinders na My toe kom en moenie hulle keer nie, want God is Koning oor mense soos hulle.

15Ek sê vir julle, en dit is seker: As iemand nie soos ’n kindjie glo dat God sy Koning is nie, dan sal hy nie kan inkom waar God Koning is nie.”

16Jesus het die kindertjies in sy arms vasgehou. Hy het sy hande op hulle gesit en hulle geseën.

Geld en rykdom

(Ook Matt 19:16-30; Luk 18:18-30)

17Toe Jesus verder wou gaan, het iemand na Hom toe gehardloop. Hy het gekniel voor Jesus en hy het vir Jesus gesê: “U is ’n goeie leermeester. Sê vir my wat moet ek doen om die ewige lewe te kry.”

18Maar Jesus het vir hom gesê: “Hoekom sê jy Ek is goed? Net God is goed, niemand anders nie.

19Jy weet wat God gesê het: “ Jy mag nie iemand doodmaak nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie oor ander mense lieg nie, jy mag nie skelm wees en iemand anders se goed vat nie, jy moet jou ouers respekteer.”

20Die man het vir Jesus gesê: “Meneer, vandat ek klein was, het ek alles gedoen wat God se wette sê.”

21Jesus het lank na hom gekyk en Hy het lief geword vir hom en vir hom gesê: “Jy moet nog een ding doen: Gaan verkoop alles wat jy het en gee die geld vir die arm mense. Dan sal jy ryk wees in die hemel. Kom dan hier en gaan saam met My.”

22Die man was baie ongelukkig toe hy hoor wat Jesus sê. Hy het weggegaan en hy was hartseer, want hy was baie ryk.

23Jesus het gekyk na die mense rondom Hom en Hy het vir sy dissipels gesê: “Ryk mense sal nie maklik inkom waar God Koning is nie.”

24Die dissipels was verbaas oor wat Jesus gesê het. Maar Jesus het ook vir hulle gesê: “My vriende, dit is baie moeilik om in te kom waar God Koning is.

25’n Ryk man sal moeilik inkom waar God Koning is. ’n Kameel sal makliker deur die oog van ’n naald kan gaan.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26Die dissipels was baie verbaas en hulle het vir mekaar gesê: “As dit so is, wie sal
dan kan inkom waar God Koning is?”

27Jesus het lank na hulle gekyk. Hy het gesê: “Mense kan nie self inkom nie, maar
God kan hulle laat inkom. God kan alles doen wat Hy wil doen.”

28Petrus het vir Jesus gesê: “Kyk na ons, ons het alles gelos wat ons gehad het en ons
gaan saam met U.”

29Jesus het gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: As iemand sy huis los, of sy broers of
sy susters of sy ma of sy pa of sy kinders of sy grond waarop hy gewoon het, en hy
doen dit omdat hy gehoorsaam is aan My en aan die goeie boodskap, dan sal hy baie
meer kry.

30Hy sal nou, in hierdie tyd, 100 maal meer kry as wat hy gehad het. Hy sal meer
huise en broers en susters en ma’s en kinders en grond kry. Die ander mense sal baie
slegte dinge doen aan hom. Maar daar sal ’n nuwe tyd kom, en dan sal hy die ewige
lewe kry.

31“Baie mense wat nou belangrik is, sal dan onbelangrik wees, en mense wat nou
onbelangrik is, sal dan belangrik wees.”

Jesus sê die derde maal Hy sal sterf en weer lewe

(Ook Matt 20:17-19; Luk 18:31-33)

32Jesus en sy dissipels was op die pad na Jerusalem. Jesus het ver voor hulle geloop.
Die dissipels was verbaas toe hulle dit sien, en die mense wat hulle gevolg het, was
bang. Jesus het weer met die twaalf dissipels gepraat. Hy het vir hulle begin vertel
van die dinge wat met Hom sal gebeur.

33Jesus het gesê: “Luister, ons gaan na Jerusalem. Iemand sal My, die Seun van die
mens, vir die priesterleiers en die skrifgeleerdes gee, en hulle sal besluit dat Ek moet
sterf. Dan sal hulle My vir die heidene gee,

34en die heidene sal My spot en op My spoeg en My met ’n sweep slaan en My
doodmaak. Maar ná drie dae sal Ek weer lewe.”

Jakobus en Johannes wil langs Jesus sit

(Ook Matt 20:20-28; Luk 22:24-27)

35Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, het na Jesus toe gekom en gesê:
“Meneer, as ons vir U iets vra, dan moet U dit asseblief vir ons doen.”

36Jesus het vir hulle gevra: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”

37Hulle antwoord Hom toe: “U sal koning wees oor almal. Gee dan vir ons die
sitplekke langs U, een regs langs U en een links langs U.”

38Jesus het vir hulle gesê: “Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle swaarkry soos Ek
moet swaarkry? Kan julle uit die beker drink waaruit Ek moet drink? Kan
julle gedoop word soos Ek gedoop sal word?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

39Hulle antwoord Hom: “Ons kan dit doen.” Toe sê Jesus vir hulle: “Ja, julle sal uit dieselfde beker drink waaruit Ek moet drink, en julle sal gedoop word soos Ek gedoop sal word.

40Maar Ek kan nie besluit wie regs langs My en wie links langs My sal sit nie. God het klaar besluit wie daar moet sit.”

41Toe die ander tien dissipels hoor wat Johannes en Jakobus gevra het, het hulle kwaad geword.

42Jesus het die dissipels na Hom toe geroep en Hy het vir hulle gesê: “Julle weet daar is mense wat dink hulle kan oor ander mense regeer en hulle kan die mense verdruk, daar is belangrike mense wat altyd hard wil regeer oor ander mense.

43Dit moenie so wees by julle nie. As een van julle die belangrikste wil wees, dan moet hy die ander mense dien.

44En as een van julle bo die ander wil wees, dan moet hy almal se slaaf wees.

45Want Ek, die Seun van die mens, het gekom, maar nie sodat almal My moet dien nie. Ek het gekom om mense te dien en om my lewe te gee en te sterf. So sal Ek betaal om baie mense vry te maak van hulle sonde.”

Jesus maak die blinde Bartimeus gesond

(Ook Matt 20:29-34; 9:27-31; Luk 18:35-43)

46Jesus en sy dissipels het in die stad Jerigo gekom. Toe hulle en baie ander mense weer uit Jerigo uitgaan, het Bartimeus, die seun van Timeus, langs die pad gesit. Bartimeus was blind en hy het gebedel.

47Toe hy hoor Jesus van Nasaret is daar, het hy hard begin roep: “Jesus, Seun van Dawid, U moet asseblief jammer wees vir my en my help!”

48Baie mense het met hom geraas en vir hom gesê hy moet stilbly, maar hy het aangehou en nog harder geskree: “Seun van Dawid, U moet asseblief jammer wees vir my en my help!”

49Jesus het gaan staan en gesê: “Roep hom!” Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: “Moenie bekommerd wees nie. Staan op, Jesus roep jou!”

50Die blinde man het sy bo-kleed op die grond gegooi en hy het opgespring en na Jesus toe gegaan.

51Jesus het vir hom gevra: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” Die blinde man sê toe: “Meneer, ek wil weer sien!”

52Jesus het vir hom gesê: “Jy mag gaan. Jy kan nou sien, want jy het geglo.” Die man kon dadelik sien. Maar hy het Jesus gevolg en saamgegaan met Hom op die pad.

Markus 11

© Bible Society of South Africa.

Jesus ry op ’n donkie in Jerusalem in

(Ook Matt 21:1-11; Luk 19:28-38; Joh 12:12-14)

1Jesus en sy dissipels het naby Jerusalem gekom, by twee dorpies op die Olyf-berg:
Betfage en Betanië. Toe hulle daar kom, stuur Jesus twee van sy dissipels

2en Hy sê vir hulle: “Gaan na die dorpie hier voor julle, en wanneer julle daar ingaan,
sal julle ’n jong donkie sien wat vasgemaak is. Daar het nog nooit ’n mens op hom
gesit nie. Maak hom los en bring hom hiernatoe.

3Wanneer iemand vir julle vra hoekom julle dit doen, dan moet julle sê: Die Here wil
hom gebruik, maar Hy sal hom gou weer hiernatoe terugstuur.”

4Die twee dissipels het gegaan en hulle het buite in die straat ’n jong donkie gekry
wat vasgemaak was by ’n deur. Hulle het die donkie losgemaak.

5Party van die mense wat daar gestaan het, vra toe vir hulle: “Wat doen julle?
Hoekom maak julle die donkie los?”

6Die dissipels het die mense geantwoord soos Jesus gesê het, en die mense het hulle
nie gekeer nie.

7Die dissipels bring toe die jong donkie na Jesus toe en hulle gooi van hulle klere oor
die donkie. Jesus het op die donkie gaan sit.

8Baie mense het van hulle klere op die pad oopgegooi. Ander mense het takke
afgekap van die bome in die veld en hulle het dit in die pad gegooi.

9Die mense wat voor Jesus geloop het en die ander mense wat Hom gevolg het, het
aangehou om hard te skree en te sê: “ Prys God! Prys die Man wat kom! Die Here het
Hom gestuur om sy werk te kom doen!

10Prys Hom! Hy sal nou begin om Koning te wees oor almal, soos ons voorvader
Dawid! Prys God in die hoogste hemel!”

11Jesus het in Jerusalem na die tempel-gronde gegaan. Hy het daar rondgekyk na
alles. Daarna het Jesus en sy twaalf dissipels na Betanië gegaan, want dit was al laat.

Jesus vervloek ’n vyeboom

(Ook Matt 21:18-19)

12Die volgende dag het Jesus en sy dissipels uit Betanië gegaan. Jesus het honger
geword

13en Hy het ’n vyeboom gesien wat vol blare was. Die boom was ver en Hy het
daarnatoe gegaan om te sien of daar iets aan die boom was om te eet. Toe Hy daar
kom, sien Hy daar is niks, net blare. Dit was nie die regte tyd vir vye nie.

14Jesus sê toe vir die boom: “Niemand sal weer ’n vy van jou eet nie, nooit nie.” Sy
dissipels het gehoor wat Hy gesê het.

Jesus jaag die verkopers uit die tempel

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

(Ook Matt 21:12-13; Luk 19:45-48; Joh 2:13-16)

15Jesus en sy dissipels het na Jerusalem gegaan. Hy het na die tempel-gronde gegaan. Daar was mense besig om goed te verkoop en te koop. Jesus het hulle uitgejaag. Hy het die tafels omgegooi van die mense wat die geld omgeruil het en ook die stoele van die mense wat duiwe verkoop het.

16Hy het gesê niemand mag iets dra oor die tempel-gronde nie.

17Jesus het begin om vir die mense te leer en Hy het gesê in die Ou Testament is geskryf: “God het gesê: Die mense sal sê my tempel is ’n plek waar al die volke mag bid. Maar julle het dit verander, dit is nou ’n plek waar diewe bymekaarkom.”

18Die priesterleiers en die skrifgeleerdes het gehoor wat gebeur het. Hulle wou ’n plan maak om Jesus dood te maak. Maar hulle was bang vir Hom, want die mense het baie gehou van wat Jesus vir hulle geleer het.

19Toe dit aand geword het, het Jesus en sy dissipels weer uit die stad gegaan.

Die vyeboom het doodgegaan

(Ook Matt 21:20-22; 6:14)

20Jesus en sy dissipels het vroeg in die oggend by die vyeboom verbygeloop. Hulle sien toe die hele boom het doodgegaan, ook sy wortels.

21Petrus het onthou wat Jesus vir die boom gesê het en hy het vir Jesus gesê: “Meneer, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is heeltemal dood.”

22Jesus het geantwoord: “Julle moet in God glo!

23Ek sê vir julle, en dit is seker: As iemand vir hierdie berg sê: ‘Tel jouself op en gooi jouself in die see,’ dan sal dit gebeur. Maar hy moenie twyfel nie. Hy moet glo dat dit sal gebeur.

24Daarom sê Ek vir julle: Wanneer julle bid en julle vra iets, dan moet julle glo dat julle dit ontvang het, en dan sal julle dit kry.

25En wanneer julle staan om te bid, en julle is kwaad vir iemand, dan moet julle hom vergewe. Dan sal julle Vader wat in die hemel is, ook julle sondes vergewe.”

Die mense wil weet wie het gesê Jesus mag hierdie dinge doen

(Ook Matt 21:23-27; Luk 20:1-8)

26 27Jesus en sy dissipels het weer in Jerusalem aangekom. Jesus het op die tempel-gronde rondgeloop. Die priesterleiers en die skrifgeleerdes en die familieleiers het na Hom toe gekom.

28Hulle het vir Hom gevra: “Hoekom dink jy dat jy hierdie dinge mag doen? Wie het gesê jy mag dit doen?”

29Maar Jesus het vir hulle gesê: “Ek sal vir julle een vraag vra. As julle My antwoord, dan sal Ek vir julle sê wie gesê het Ek mag hierdie dinge doen.

© Bible Society of South Africa.

30Johannes die Doper het mense gedoop. Wie het hom gestuur om dit te doen? Was
dit God, of was dit mense? Antwoord My."

31Die priesterleiers en die skrifgeleerdes het daaroor met mekaar gepraat en gesê:
"As ons sê: 'God het hom gestuur,' dan sal Jesus vra: 'Hoekom het julle nie geglo wat
Johannes gesê het nie?'

32Maar ons kan ook nie sê: 'Dit was mense wat vir Johannes gestuur het om te doop'
nie." Die priesterleiers en die skrifgeleerdes en die familieleiers was bang vir die
klomp mense, want almal het gedink dat Johannes regtig 'n profeet was.

33Daarom het die skrifgeleerdes vir Jesus gesê: "Ons weet nie." En Jesus het vir hulle
gesê: "Dan sal Ek ook nie vir julle sê wie het vir My gesê Ek mag hierdie dinge doen
nie."

Markus 12

Die gelykenis van die wingerd

(Ook Matt 21:33-42,45-46; Luk 20:9-19)

1Jesus het begin om met die mense te praat en Hy het vir hulle gelykenisse vertel. Hy
het gesê: "'n Man het 'n klomp wingerdstokke op sy grond geplant. Hy het 'n muur
rondom die wingerd gebou en 'n parskuip gereedgemaak. En hy het 'n hoë toring
gebou waarop iemand kon staan om die wingerd op te pas. Daarna het hy die
wingerd verhuur aan ander mense. Toe het hy weggegaan.

2Toe dit tyd word om die druiwe te pluk, het hy 'n slaaf na die mense toe gestuur
om die druiwe te gaan haal wat hy moes kry.

3Die mense het sy slaaf gegryp, hulle het hom geslaan en hom weggejaag. Hulle het
niks vir hom gegee nie.

4Die eienaar van die wingerd het 'n ander slaaf na hulle toe gestuur. Die mense het
hom op sy kop geslaan en baie slegte dinge gedoen aan hom.

5Toe stuur die eienaar van die wingerd 'n ander slaaf, en die mense het hom
doodgemaak. Die eienaar het nog baie ander slawe gestuur. Die mense het party van
die slawe geslaan en hulle het party slawe doodgemaak.

6"Die eienaar het toe nog net een gehad wat hy kon stuur. Dit was sy seun. Hy was
baie lief vir die seun. Die eienaar het toe hierdie seun na die mense toe gestuur, dit
was die laaste persoon wat hy gestuur het. Hy het gedink hulle sal sy seun
respekteer.

7Die mense het vir mekaar gesê: 'Hierdie seun sal eendag al die eienaar se goed kry.
Kom ons maak hom dood, dan kan ons alles kry.'

8Hulle het die seun gegryp, hulle het hom doodgemaak en hom uit die wingerd
uitgegooi.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Wat dink julle? Wat sal die eienaar van die wingerd doen? Hy sal kom en hy sal
daardie mense doodmaak en die wingerd vir ander mense gee.

10Het julle hierdie woorde in die Ou Testament gelees? " Die klip wat die bouers nie
wou gebruik nie, daardie klip het die belangrikste klip in die hele gebou geword.

11Dit is die Here se werk, en dit is vir ons wonderlik."

12Die leiers van die Jode het toe probeer om Jesus te laat vang en toe te sluit. Hulle
het geweet Hy het die gelykenis vertel om te wys hulle is soos daardie slegte mense.
Maar die leiers van die Jode was bang vir die ander mense en daarom het hulle vir
Jesus gelos en hulle het weggegaan van Hom.

Aan wie die mense belasting moet betaal

(Ook Matt 22:15-22; Luk 20:20-26)

13Die Fariseërs en Herodiane het 'n paar mense na Jesus toe gestuur. Hulle wou hê
Jesus moet iets sê wat verkeerd is, hulle wou hê Hy moet probleme kry.

14Hulle kom toe na Jesus toe en sê vir Hom: "Meneer, ons weet jy praat altyd die
waarheid. Jy is nie bang vir wat die mense sê van jou nie. Jy kyk nie wie mense is nie,
jy doen dieselfde aan almal. Jy leer vir die mense wat God wil hê hulle moet doen, en
wat jy vir hulle leer, is die waarheid. Maar sê vir ons: Is dit reg om aan die keiser
belasting te betaal of nie? Moet ons die belasting betaal of moet ons dit nie betaal
nie?"

15Jesus het geweet hulle is skynheilig en Hy het vir hulle gevra: "Hoekom wil julle hê
Ek moet iets sê wat vir My probleme kan gee? Bring vir My 'n silwer geldstuk sodat
Ek dit kan sien."

16Hulle bring toe vir Jesus 'n silwer geldstuk en Hy vra vir hulle: "Wie se kop en wie se
naam is op hierdie geld?" Hulle het vir Hom gesê: "Dit is die keiser se kop en sy
naam."

17Jesus sê toe vir hulle: "Julle moet aan die keiser betaal wat aan die keiser behoort,
maar julle moet ook aan God betaal wat aan God behoort." Hulle was baie verbaas
oor wat Jesus geantwoord het.

Mense wat gesterf het, sal weer lewe

(Ook Matt 22:23-33; Luk 20:27-40)

18'n Paar Sadduseërs het na Jesus toe gekom. Die Sadduseërs het nie geglo dat die
mense wat gesterf het, weer sal lewe nie. Hulle het vir Jesus gesê:

19"Meneer, Moses het in sy wette geskryf wat ons moet doen. Hy het gesê:
' Wanneer 'n man sterf en sy vrou lewe nog, en hulle het nie kinders nie, dan moet sy
broer met die weduwee trou. Wanneer die vrou dan kinders kry, dan sal dit sy broer
wat dood is, se nageslag wees.'

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20“Daar was sewe broers. Die oudste broer het getrou. Hy het gesterf, maar hy het
nie kinders gehad nie.

21Die tweede broer het met die oudste broer se weduwee getrou, maar hy het ook
gesterf en hulle het ook nie kinders gehad nie. Dieselfde het gebeur met die derde
broer.

22Die sewe broers het almal met die vrou getrou, maar hulle het nie kinders gehad
nie. Later het die vrou ook gesterf.

23Nou vra ons: Wie se vrou sal sy wees wanneer almal wat dood is, weer lewe? Want
die sewe broers was almal met haar getroud.”

24Jesus het vir hulle gesê: “Julle is heeltemal verkeerd. Dit is omdat julle nie die Ou
Testament en die krag van God ken nie.

25Wanneer die mense weer lewe, dan sal hulle nie getroud wees nie, en hulle sal nie
trou nie. Hulle sal dan wees soos die engele in die hemel.

26Julle vra oor mense wat gesterf het, wat weer sal lewe. Maar het julle nie in die
boeke van Moses gelees nie? Moses het geskryf oor die bos wat gebrand het, en
daar het God vir Moses gesê: ‘ Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die
God van Jakob.’

27God is nie die God van dooie mense nie. Hy is die God van mense wat lewe. Julle is
heeltemal verkeerd!”

Die belangrikste wet in die Ou Testament

(Ook Matt 22:34-40; Luk 10:25-27)

28Een van die skrifgeleerdes het gehoor Jesus en die Sadduseërs praat met mekaar
en hy het nader gekom. Toe hy hoor dat Jesus hulle goed geantwoord het, vra hy vir
Jesus: “Wat is die belangrikste wet in die Ou Testament?”

29Jesus het geantwoord: “Die belangrikste wet is: ‘ Julle moet luister, mense van
Israel, die Here ons God is die enigste Here,

30en jy moet vir jou God die Here lief wees met jou hele hart en met jou hele lewe en
met jou hele verstand en met al jou krag.’

31Die tweede belangrike wet is: ‘ Jy moet lief wees vir jou naaste soos jy lief is vir
jouself.’ Daar is nie ’n ander wet wat belangriker is nie.”

32Die skrifgeleerde sê toe vir Jesus: “Jy het goed geantwoord, Meneer. Dit is waar
wat jy sê: ‘ Daar is net een God, daar is nie ’n ander God nie.’

33Dit is belangrik ‘ om vir God lief te wees met jou hele hart en met jou hele verstand
en met al jou krag’ en ‘ om lief te wees vir jou naaste soos jy lief is vir jouself.’ Dit is
belangriker as al die brand-offers en al die ander offers wat mense vir God gee.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34Toe Jesus hoor dat die skrifgeleerde goed geantwoord het, het Hy vir hom gesê: “Jy verstaan nou amper wat dit beteken dat God Koning is.” Die mense wou toe nie weer vir Jesus iets vra nie.

Is die Christus die Seun van Dawid?

(Ook Matt 22:41-45; 23:1-2,5-6,14; Luk 20:41-47)

35Jesus het vir die mense in die tempel geleer en Hy het vir hulle gevra: “Hoekom sê die skrifgeleerdes dat die Christus die Seun van Dawid is?

36Dawid self het gesê wat die Heilige Gees vir hom gesê het: “ Die Here het vir my Here, die Koning, gesê: Sit hier langs My, op die belangrikste plek. Ek sal jou vyande voor jou laat buig en jy sal jou voete op hulle sit.

37“Dawid self noem die Christus ‘Here.’ Hoe kan die Christus dan Dawid se seun wees?” Die groot klomp mense het graag na Jesus geluister.

Jesus waarsku die mense teen die godsdienstige leiers

(Ook Matt 23:1-2,6-7,14; Luk 20:45-47; 11:39-52)

38Toe Jesus vir hulle geleer het, het Hy gesê: “Pasop vir die skrifgeleerdes. Hulle wil graag met deftige klere rondloop en hulle wil hê almal moet hulle groet op die plekke in die stad waar die mense bymekaarkom.

39Hulle wil graag sit op die belangrikste plekke in die sinagoges en by die feeste.

40Maar die skrifgeleerdes is mense wat weduwees bedrieg en wat hulle huise vat. En hulle is mense wat baie lank bid sodat ander mense dit moet sien. God sal hulle baie swaar straf.”

Die arm weduwee se dank-offer

(Ook Luk 21:1-4)

41Jesus het voor die dankoffer-kis in die tempel gaan sit en Hy het gekyk hoe al die mense koper geldstukke in die kis gooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi.

42Daar kom toe ’n arm weduwee en sy gooi twee klein geldstukkies in. Dit was baie min geld.

43Jesus het sy dissipels geroep en vir hulle gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat geld in die dankoffer-kis gegooi het.

44Die ryk mense het baie geld om in te gooi en daarna het hulle nog baie geld. Hierdie vrou is baie arm, maar sy het alles ingegooi, sy het nie meer geld om kos te koop nie.”

Markus 13

Vyande sal die tempel afbreek

(Ook Matt 24:1-2; Luk 21:5-6)

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Toe Jesus wegstap van die tempel, sê een van sy dissipels vir Hom: “Meneer, kyk na hierdie groot klippe en hierdie groot geboue!”

[2]Jesus het vir hom gesê: “Sien jy hierdie groot geboue? Die vyande sal al hierdie geboue afbreek. Daar sal nie een muur regop bly staan nie. Dit is seker.”

Mense sal baie swaar kry

(Ook Matt 24:3-9,13; 10:17-22; Luk 21:7-17,19; 12:11-12)

[3]Jesus het op die Olyf-berg naby die tempel gaan sit. Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas het Hom begin uitvra toe hulle alleen by Hom was. Hulle het vir Jesus gevra:

[4]“Sê vir ons: Wanneer sal die dinge gebeur waarvan U gepraat het? Hoe sal ons weet wanneer dit gaan gebeur? Watter teken sal vir ons wys wanneer dit die einde van alles sal wees?”

[5]Jesus het vir hulle gesê: “Julle moet oppas dat niemand julle bedrieg nie.

[6]Baie mense sal my Naam gebruik en sê: ‘Dit is Ek! Ek is die Christus!’ Hulle sal baie mense bedrieg.

[7]Julle moenie skrik wanneer julle hoor daar is oorlog nie, naby julle of ver van julle. Hierdie dinge móét gebeur, maar dit is nog nie die einde van alles nie.

[8]Die een volk sal teen die ander volk oorlog maak, die mense van een land sal teen die mense van ’n ander land veg. Daar sal aardbewings op baie plekke wees, en die mense sal min kos hê om te eet. Hierdie dinge is die begin, julle sal dan begin om baie swaar te kry.

[9]Maar julle, julle moet wakker en versigtig wees, want die mense sal julle na die hof toe vat. Hulle sal julle met swepe slaan in die sinagoges. Julle sal voor goewerneurs en konings in die hof moet staan omdat julle aan My behoort. Dan kan julle vir hulle van My vertel.

[10]Al die volke moet eers die goeie boodskap hoor.

[11]Wanneer die mense julle vang en hof toe vat, dan moet julle nie bekommerd wees oor wat julle sal sê nie. God sal vir julle sê wat julle dan moet sê. Dit sal nie julle wees wat praat nie, dit sal die Heilige Gees wees wat praat.

[12]Een broer sal ’n ander broer hof toe vat en vra dat die hof hom moet straf en doodmaak, en so sal ’n pa ook sy kind hof toe vat. Kinders sal opstandig wees teen hulle ouers en hulle sal hulle ouers laat doodmaak.

[13]Almal sal julle haat omdat julle aan My behoort. Maar as julle tot die einde aanhou om My te volg, dan sal God julle red.”

Mense sal die gelowiges verdruk

(Ook Matt 24:15-25; Luk 21:20-23; 17:23)

[14]Jesus het gesê: “Julle sal iets sien wat vir God baie kwaad maak en wat alles verwoes. Dit sal staan op ’n plek waar dit nie moet wees nie. Almal wat hierdie

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

woorde lees, moet goed dink wat dit beteken. Wanneer dit gebeur, dan moet die mense wat in Judea is, na die berge vlug.

15Iemand wat dan op die dak van sy huis is, moenie wanneer hy afklim, eers in die huis ingaan om iets te gaan haal nie.

16En iemand wat op die koringland werk, moenie eers omdraai huis toe om sy klere te gaan haal nie.

17Dit sal in daardie tyd sleg gaan met vroue wat ’n baba verwag of wat kinders het wat nog aan hulle drink.

18Julle moet bid dat hierdie dinge nie in die winter gebeur nie.

19In daardie dae sal mense baie swaar kry. Tot nou toe het niemand so swaar gekry nie, van die begin af toe God alles gemaak het, tot nou toe. Niemand sal weer so swaar kry nie.

20In daardie tyd sal die mense swaarkry, maar die Here het besluit om daardie tyd korter te maak. As Hy dit nie besluit het nie, dan sal niemand in daardie tyd kan aanhou lewe nie. Maar die Here het besluit om daardie tyd korter te maak om die mense te help wat Hy gekies het.

21Wanneer iemand in daardie tyd vir julle sê: ‘Kyk, hier is die Christus!’ of ‘Kyk, daar is Hy!’ dan moet julle hom nie glo nie,

22want daar sal mense kom wat vals is en wat sê hulle is die Christus. Daar sal ook vals profete kom en hulle sal tekens wys en wonderwerke doen. Hulle sal probeer om die mense van God verkeerd te laat doen. Maar God het hulle gekies, daarom sal die vals profete dit nie regkry nie.

23“Julle moet oppas! Ek het dit alles vir julle gesê voordat dit gebeur.”

Die Seun van die mens sal weer kom

(Ook Matt 24:29-31; Luk 21:25-27)

24“In daardie tyd, nadat die ander mense die gelowiges verdruk het, “ sal die son donker word en die maan sal nie skyn nie.

25Die sterre sal uit die lug val en alles in die lug sal skud.

26“Dan sal almal My, die Seun van die mens, sien. Ek sal op die wolke kom en Ek sal alles kan doen wat Ek wil doen. Ek sal die Groot Koning wees.

27Dan sal Ek my engele stuur en Ek sal al die mense bymekaarmaak wat Ek gekies het. Ek sal hulle bymekaarmaak van die ooste, die weste, die noorde en die suide, van die een kant van die aarde tot by die ander kant.”

Die gelykenis van die vyeboom

(Ook Matt 24:32-35; Luk 21:29-33)

© Bible Society of South Africa.

28Jesus het ook gesê: “Julle moet hierdie les leer van die vyeboom: Wanneer ’n vyeboom se takke sag word en die blare begin groei, dan weet julle die somer is naby.

29So ook: Wanneer julle al hierdie dinge sien gebeur, dan moet julle weet die Here is naby, Hy sal gou kom.

30Ek sê vir julle, en dit is seker: Party mense wat nou lewe, sal nog lewe wanneer al hierdie dinge gebeur.

31Die hemel en die aarde sal eendag verdwyn, maar my woorde sal altyd waar wees.”

Niemand weet wanneer die Seun van die mens weer sal kom nie

(Ook Matt 24:36,42; 25:13-15; Luk 19:12-13,40; 12:38)

32“Niemand weet op watter dag en hoe laat in die dag Ek sal kom nie. Die engele in die hemel weet nie, ook nie Ek, die Seun, nie. Net die Vader weet dit.

33Julle moet wakker en gereed wees, want julle weet nie wanneer daardie dag sal kom nie.

34“Dit is soos ’n man wat ’n tyd lank weggaan van sy huis. Hy het vir sy slawe gesê hulle moet al sy goed oppas. Hy het ook vir elkeen sy werk gegee wat hy moes doen. Hy het vir die deurwagter gesê hy moet wakker wees.

35Julle moet ook wakker wees, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis sal terugkom nie. Julle weet nie of dit laat in die aand sal wees of in die middel van die nag of wanneer die haan begin kraai of vroeg in die oggend nie.

36Wanneer die eienaar skielik terugkom, dan moet julle nie slaap nie.

37Ek sê dit vir julle en Ek sê dit vir almal: Julle moet wakker bly!”

Markus 14

Die leiers van die volk maak planne om Jesus dood te maak

(Ook Matt 26:2-5; Luk 22:1-2)

1Dit was twee dae voor die Paasfees en die Fees van die Ongesuurde Brood. Die priesterleiers en die skrifgeleerdes het skelm planne probeer maak om Jesus te vang en dood te maak.

2Hulle het gesê: “Ons moet dit nie doen wanneer die mense Paasfees vier nie, want dan sal hulle kwaad word en almal sal skree en raas.”

‘n Vrou gooi lekkerruik-olie op Jesus se kop

(Ook Matt 26:6-13; Luk 7:36-39,44-47; Joh 12:3-5,7-8)

3Jesus het in Betanië in die huis van Simon die melaatse man geëet. Daar kom toe ’n vrou en sy het ’n mooi klip-kruikie gehad. In die kruikie was daar baie duur

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

lekkerruik-olie. Sy het die kruikie oopgebreek en sy het die olie op Jesus se kop uitgegooi.

4Party van die mense het kwaad geword daaroor en hulle het vir mekaar gesê:
“Hoekom mors sy die olie?

5Sy kon dit verkoop het en meer as 300 silwer geldstukke gekry het. Dan kon sy die geld vir die arm mense gegee het.” Hulle het met haar geraas.

6Maar Jesus het vir hulle gesê: “Los haar. Hoekom pla julle haar? Sy het vir My iets gedoen wat goed is.

7Die arm mense is altyd by julle en wanneer julle vir hulle goed wil doen, dan kan julle dit doen. Maar Ek sal nie altyd by julle wees nie.

8Hierdie vrou het gedoen wat sy kon doen. Sy het die lekkerruik-olie oor My gegooi sodat my liggaam gereed kan wees vir my begrafnis.

9Ek sê vir julle, en dit is seker: Oral in die wêreld waar die mense die goeie boodskap bring, sal hulle ook praat oor hierdie vrou en wat sy gedoen het. Die mense sal haar onthou.”

Judas besluit om Jesus te verraai

(Ook Matt 26:14-16; Luk 22:3-6)

10Judas Iskariot was een van die twaalf dissipels. Hy het na die priesterleiers toe gegaan om Jesus te verraai.

11Toe die priesterleiers dit hoor, was hulle bly en hulle het belowe om vir Judas geld te gee. Judas het ’n plan probeer maak en hy het gewag vir die regte tyd om Jesus te verraai.

Die laaste Paasfees

(Ook Matt 26:17-25; Luk 22:7-14,21-23)

12Op die eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brood, toe die mense die paaslam moes slag, het Jesus se dissipels vir Hom gevra: “Waar wil U hê moet ons gaan gereedmaak sodat U die Paas-ete kan eet?”

13Jesus het twee van sy dissipels gestuur en vir hulle gesê: “Gaan in Jerusalem in. ’n Man wat water in ’n kruik dra, sal na julle toe kom. Gaan saam met hom.

14Hy sal in ’n huis ingaan, en julle moet vir die eienaar van daardie huis sê: ‘Ons Meneer vra waar is die kamer waar Hy die Paas-ete saam met sy dissipels kan eet.’

15Die eienaar sal vir julle ’n groot kamer op die dak van sy huis wys. Alles wat nodig is vir die ete, is daar. Julle moet alles gereedmaak vir die Paas-ete sodat ons daar kan eet.”

16Die dissipels het gegaan en hulle het in Jerusalem gekom. Hulle het alles gekry soos Jesus vir hulle gesê het en hulle het alles gereedgemaak vir die Paas-ete.

© Bible Society of South Africa.

17Toe dit aand geword het, het Jesus en die ander dissipels daar aangekom.

18Hulle het by die tafel gesit en hulle was besig om te eet. Toe het Jesus gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Een van julle sal My verraai. Hy eet nou saam met My.”

19Die dissipels het baie hartseer geword. Elke dissipel het vir Jesus gevra: “Is dit ek?”

20Jesus het vir hulle gesê: “Dit is een van julle twaalf dissipels, die een wat sy brood saam met My in die sous druk.

21Ek, die Seun van die mens, sal sterf soos die profete oor My geskryf het. Maar daardie man wat My verraai, sal baie swaar kry. Dit sou vir hom beter gewees het as hy nooit gebore was nie.”

Die nagmaal

(Ook Matt 26:26-30; Luk 22:19-20; Joh 6:51-58)

22Terwyl hulle geëet het, het Jesus brood geneem en vir God dankie gesê daarvoor. Hy het die brood in stukke gebreek en vir sy dissipels gegee. Hy het gesê: “Neem die brood, dit is my liggaam.”

23Jesus het ook ’n beker wyn geneem en Hy het vir God dankie gesê daarvoor. Toe gee Hy dit vir sy dissipels, en hulle het almal daarvan gedrink.

24Jesus sê toe vir hulle: “Die wyn in hierdie beker is my bloed. My bloed wat vir baie mense sal vloei, is die bloed van die verbond.

25Ek sê vir julle, en dit is seker: Ek sal nie weer wyn drink nie tot daardie dag wanneer Ek nuwe wyn sal drink by God wat Koning is.”

26Jesus en sy dissipels het ’n lied gesing en die Here geprys, en hulle het uitgegaan na die Olyf-berg.

Petrus sal sê hy ken nie vir Jesus nie

(Ook Matt 26:31-35; Luk 22:33-34; Joh 13:37-38)

27Jesus het vir sy dissipels gesê: “Julle almal sal ophou om in My te glo. Die profeet Sagaria het geskryf: “God het gesê: Ek sal die skaapwagter doodmaak, en die skape sal weghardloop na al die kante toe.

28“Maar God sal My weer laat lewe, en dan sal Ek voor julle na Galilea gaan.”

29Petrus sê toe vir Jesus: “Almal sal miskien ophou om in U te glo, maar ek sal nie ophou om in U te glo nie!”

30Jesus het vir hom gesê: “Ek sê vir jou, en dit is seker: Jy sal in hierdie nag drie maal sê jy ken My nie. Jy sal dit sê voordat die haan die tweede maal kraai.”

31Maar Petrus het aangehou en ernstig gesê: “As ek saam met U moet sterf, dan sal ek sterf, maar ek sal nooit sê ek ken nie vir U nie.” Al die ander dissipels het ook aangehou om dit te sê.

Jesus in die tuin van Getsemane

(Ook Matt 26:36-43,45-46; Luk 22:39-46; Joh 18:1; 12:27)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[32]Jesus en sy dissipels kom toe by die plek Getsemane, en Jesus sê vir hulle: “Sit hier, Ek wil gaan bid.”

[33]Hy het vir Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom geneem. Jesus het baie bang en ontsteld geword.

[34]Hy het vir hulle gesê: “Ek voel baie hartseer. Bly hier en bly wakker.”

[35]Jesus het ’n bietjie verder geloop en Hy het met sy gesig teen die grond gaan lê om te bid. Hy het gebid dat die Vader Hom nie baie swaar moet laat kry nie. Maar Hy het gesê die Vader moet self besluit.

[36]Hy het gebid: “Vader, my Vader, U kan alles doen wat U wil doen. Neem asseblief hierdie swaarkry weg van My, moenie vir My hierdie beker gee om te drink nie. Maar U moenie doen wat Ek wil hê nie, U moet doen wat U wil hê.”

[37]Jesus het teruggekom en toe sien Hy die drie dissipels slaap. Hy het vir Petrus gevra: “Simon, slaap jy? Kon jy nie een uur wakker bly nie?

[38]Julle moet wakker wees en bid dat niks sal gebeur wat julle sal laat sonde doen nie. Die mens se gees wil graag doen wat reg is, maar die mens self is te swak om reg te doen.”

[39]Jesus het weer weggegaan en Hy het dieselfde woorde gebid.

[40]Toe Hy terugkom, het Hy gesien die drie dissipels slaap weer, want hulle was baie vaak. Hulle het nie geweet wat om vir Hom te sê nie.

[41]Toe Jesus die derde maal by hulle kom, sê Hy vir hulle: “Slaap en rus julle nog? Dit is nou klaar! Dit is nou die tyd wanneer iemand My, die Seun van die mens, sal verraai, sodat sondaars My kan vang.

[42]Staan op, ons moet gaan. Die man wat My sal verraai, is hier naby.”

Mense vang vir Jesus

(Ook Matt 26:47-51,55-56; Luk 22:47,50,52-53; Joh 18:2-4,10)

[43]Terwyl Jesus gepraat het, het Judas daar aangekom. Judas was een van die twaalf dissipels. Daar was ’n klomp mense saam met hom. Hulle het swaarde en stokke by hulle gehad. Die priesterleiers en die skrifgeleerdes en die familieleiers het hulle gestuur.

[44]Judas het vir Jesus verraai. Hy het voor daardie tyd vir die mense gesê wat hy sal doen om vir hulle te wys wie Jesus is. Hy het gesê: “Ek sal ’n man soen, dit is Jesus. Julle moet daardie man vang, julle moet hom wegvat en hom goed oppas.”

[45]Toe Judas daar aankom, gaan hy dadelik na Jesus toe en sê vir Hom: “Meneer!” en hy het vir Jesus gesoen.

[46]Die mense wat saam met Judas was, het vir Jesus gegryp en Hom gevang.

© Bible Society of South Africa.

47Een van die mense wat by Jesus gestaan het, het sy swaard uitgetrek. Hy het die slaaf van die hoëpriester daarmee geslaan en hy het sy oor afgekap.

48Jesus het gesê: “Dink julle Ek wil teen die regering veg? Hoekom het julle swaarde en stokke saamgebring om My te vang?

49Ek was elke dag saam met julle by die tempel. Ek het vir die mense geleer, maar julle het My nie gevang nie. Maar dit alles moet gebeur sodat dit waar kan word wat die Ou Testament sê.”

50Jesus se dissipels het Hom alleen gelos en hulle het weggehardloop.

51Daar was ’n jongman wat saam met Jesus gegaan het. Hy het nie klere aangehad nie, net ’n stuk lap om sy liggaam. Die mense het hom gegryp en probeer om hom vas te hou,

52maar hy het die lap daar gelos en kaal weggehardloop.

Die Joodse Raad sê Jesus is skuldig

(Ook Matt 26:57-68; Luk 22:54-55,63-71; Joh 18:13,15-16,18,24)

53Die mense het Jesus weggevat na die hoëpriester toe, en al die priesterleiers en die familieleiers en die skrifgeleerdes het daar bymekaargekom.

54Petrus het ook saamgegaan tot voor die hoëpriester se huis, maar hy het nie naby Jesus geloop nie. Hy het saam met die wagte by die vuur gaan sit en hy het homself warm gemaak.

55Die priesterleiers en die hele Joodse Raad het iets gesoek om Jesus te beskuldig sodat hulle Hom kon doodmaak, maar hulle het niks gekry nie.

56Baie mense het vertel wat Jesus gedoen het, maar nie een van hulle het die waarheid gepraat nie, hulle stories was nie dieselfde nie.

57Party mense het opgestaan en hulle het leuens vertel oor Jesus. Hulle het gesê:

58“Ons het gehoor Jesus sê: ‘Ek sal hierdie tempel wat mense gebou het, afbreek en Ek sal in drie dae ’n ander tempel bou. Dit sal nie mense wees wat hierdie tempel bou nie.’ ”

59Maar ook hieroor het die mense nie dieselfde gepraat nie.

60Die hoëpriester het in die vergadering opgestaan en vir Jesus gevra: “Hoekom sê jy niks? Hoekom sê die mense dit alles teen jou?”

61Maar Jesus het stilgebly, Hy het niks geantwoord nie. Toe vra die hoëpriester vir Hom: “Is jy die Christus, die Seun van God vir wie ons moet prys?”

62Jesus het gesê: “Ja, Ek is! En julle sal sien Ek, die Seun van die mens, sit op die belangrikste plek langs God, God wat oor almal regeer, en julle sal sien Ek kom op die wolke.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

63Toe het die hoëpriester sy klere geskeur en gesê: “Ons het nou genoeg gehoor.

64Julle het gehoor hoe verkeerd hy oor God praat. Wat dink julle?” Almal het gesê Jesus is skuldig en hulle moet Hom doodmaak.

65Party van die mense het op Jesus gespoeg. Hulle het sy oë toegebind en hulle het Hom met hulle vuiste geslaan en vir Hom gesê: “Wys vir ons jy is ’n profeet!” Die wagte het Hom weggevat en hulle het Hom geklap.

Petrus sê hy ken nie vir Jesus nie

(Ook Matt 26:69-75; Luk 22:56-62; Joh 18:15-18,25-27)

66Petrus was op die oop stuk grond voor die hoëpriester se huis. Een van die meisies wat daar gewerk het, het daarnatoe gekom.

67Sy het vir Petrus gesien, hy het by die vuur gesit om homself warm te maak. Sy het lank na hom gekyk en vir hom gesê: “Jy was ook saam met Jesus, die man van Nasaret.”

68Petrus het gesê dit is nie waar nie. Hy het gesê: “Ek weet nie waarvan jy praat nie.” Petrus het toe uitgegaan na die poort. ’n Haan het gekraai.

69Die meisie het weer vir Petrus gesien en sy het weer vir die mense wat daar gestaan het, gesê: “Hierdie man is een van Jesus se dissipels.”

70Maar Petrus het weer gesê dit is nie waar nie. ’n Bietjie later het die mense wat daar gestaan het, vir Petrus gesê: “Jy is regtig een van sy dissipels, want jy kom ook van Galilea!”

71Petrus het gesê: “Julle praat van hierdie man, maar ek ken hom glad nie. God is my getuie. Hy kan my straf as ek nie die waarheid praat nie.”

72Toe het die haan die tweede maal gekraai. Petrus het onthou wat Jesus vir hom gesê het: “Jy sal drie maal sê jy ken My nie. Jy sal dit sê voordat die haan twee maal gekraai het.” Petrus het baie hartseer geword, hy het aangehou huil.

Markus 15

Pilatus sê die soldate moet vir Jesus kruisig

(Ook Matt 27:1-2,11-18,20-23,26; Luk 23:1,3,9-10,18-25; Joh 18:28,33,37,39-40; 19:16)

1Vroeg die volgende oggend het die priesterleiers ’n vergadering van die hele Joodse Raad gehou. Die familieleiers en die skrifgeleerdes was ook daar. Hulle het Jesus met boeie vasgemaak en hulle het Hom weggevat en vir Pilatus gegee sodat hy vir Jesus kon straf.

2Pilatus het vir Jesus gevra: “Is jy die koning van die Jode?” Jesus antwoord hom toe: “Jy sê self Ek is.”

3Die priesterleiers het Jesus oor baie dinge beskuldig.

© Bible Society of South Africa.

4Pilatus vra toe weer vir Jesus: “Hoekom sê jy niks? Hulle beskuldig jou oor so baie dinge!”

5Pilatus was verbaas, want Jesus het niks meer gesê nie.

6Pilatus het gewoonlik op die Paasfees een gevangene uit die tronk laat kom. Die mense het gekies watter gevangene dit moet wees.

7Een van die mense in die tronk was Barabbas. Hy was daar saam met ander mense. Hulle het mense opstandig gemaak teen die regering en hulle het ’n man vermoor.

8’n Groot klomp mense het na Pilatus toe gegaan en hulle het vir hom gevra om weer iemand uit die tronk te laat kom, soos hy altyd gedoen het.

9Pilatus het vir hulle gevra: “Wil julle hê ek moet die koning van die Jode uit die tronk laat kom?”

10Pilatus het geweet die priesterleiers het Jesus na hom toe gebring omdat hulle jaloers was.

11Die priesterleiers het aangehou om vir die mense te sê hulle moet vra dat Pilatus vir Barabbas uit die tronk moet laat kom, nie vir Jesus nie.

12Toe vra Pilatus weer vir hulle: “Wat wil julle hê moet ek doen met die man wat julle die koning van die Jode noem?”

13Die mense het geskree: “ Kruisig hom!”

14Pilatus het aangehou om vir hulle te vra: “Wat het hy verkeerd gedoen?” Maar die mense het baie hard geskree: “Kruisig hom!”

15Pilatus wou die klomp mense tevrede maak en daarom het hy vir Barabbas uit die tronk laat kom. Hy het vir Jesus met ’n sweep laat slaan en hy het Hom vir die soldate gegee sodat hulle Hom kon kruisig.

Die soldate spot vir Jesus

(Ook Matt 27:27-31; Joh 19:2-3)

16Die soldate het Jesus gevat na ’n plek voor die Romeinse goewerneur se huis. Hulle het al die ander soldate geroep om saam te gaan.

17Hulle het pers klere om Jesus gehang. Hulle het ’n kroon van doringtakke gevleg en hulle het dit op sy kop gesit.

18Die soldate het met Hom begin praat soos met ’n koning. Hulle het gesê: “Ons groet jou, Koning van die Jode!”

19Hulle het aangehou om Jesus met ’n dik riet op sy kop te slaan. Hulle het op Hom gespoeg en voor Hom gekniel soos hulle voor ’n koning kniel.

20Nadat hulle Jesus klaar gespot het, het hulle die pers klere uitgetrek en hulle het Jesus se eie klere vir Hom aangetrek.

© Bible Society of South Africa.

Die soldate kruisig vir Jesus

(Ook Matt 27:31-44; Luk 23:26,33-35,38-39; Joh 19:17-19)

Die soldate het Jesus weggevat sodat hulle Hom kon kruisig.

21 ’n Man het by hulle verbygeloop. Sy naam was Simon, hy was van die stad Sirene. Hy was Aleksander en Rufus se pa. Hy het van buite in die stad ingekom. Die soldate het vir Simon gesê hy moet Jesus se kruis dra.

22 Hulle bring toe vir Jesus na die plek, Golgota. Golgota beteken “Plek van die kopbeen.”

23 Hulle het probeer om vir Jesus wyn en mirre te gee, maar Hy het dit nie gedrink nie.

24 Die soldate het vir Jesus gekruisig, en elke soldaat het van Jesus se klere gevat. Hulle het lootjies getrek om te besluit watter klere elkeen moet kry.

25 Dit was nege-uur die oggend toe hulle Jesus gekruisig het.

26 Bo-aan die kruis het hulle op ’n plank geskryf hoekom hulle vir Jesus gekruisig het. Hulle het geskryf: “Die koning van die Jode.”

27 Die soldate het twee mense saam met Jesus gekruisig, een regs langs Hom en die ander een links langs Hom. Hulle was mense wat geveg het teen die regering.

28 29 Die mense wat daar verbygeloop het, wou vir Jesus verneder. Hulle het gewys dat hulle bly is oor wat met Hom gebeur het en hulle het gesê: “Ja, jy het gesê jy sal die tempel afbreek en dit weer in drie dae bou.

30 Red jouself nou en klim van die kruis af!”

31 Die priesterleiers en die skrifgeleerdes het ook so aangehou om vir Jesus te spot. Hulle het vir mekaar gesê: “Hy het ander mense gered, maar hy kan homself nie red nie!

32 Hy sê hy is die Christus, die Koning van Israel. Hy moet nou afklim van die kruis, sodat ons dit kan sien en kan glo!” Die twee mense wat saam met Jesus aan die kruise gehang het, het ook vir Jesus gespot.

Jesus sterf

(Ook Matt 27:45-51,54-56; Luk 23:44-45,36,46-47,49; Joh 19:28-30,25)

33 Omtrent twaalfuur die middag het dit donker geword in die hele land en dit was donker tot drie-uur.

34 Omtrent drie-uur het Jesus baie hard geroep: “Eloï, Eloï, lema sabagtani?” Dit beteken “ My God, my God, hoekom het U My gelos?”

35 Party van die mense wat daar naby gestaan het, het dit gehoor en gesê: “Luister, hy roep vir Elia!”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

36Iemand het gehardloop en hy het ’n spons vol suur wyn gemaak. Hy het dit op ’n dik riet gesit en vir Jesus probeer gee sodat Hy dit kon drink. Die man het gesê: “Wag, kom ons kyk of Elia kom om hom van die kruis af te haal.”

37Jesus het hard geskree en Hy het gesterf.

38Die gordyn in die tempel het van bo tot onder geskeur. Dit was toe twee stukke.

39Die offisier het voor Jesus gestaan. Toe hy sien dat Jesus so gesterf het, het hy gesê: “Hierdie man was regtig die Seun van God!”

40Daar was ’n paar vroue wat ’n bietjie verder gestaan en kyk het. Maria Magdalena en Maria ma van Klein-Jakobus en Joses, en ook Salome was daar.

41Toe Jesus in Galilea was, het die vroue altyd saam met Hom gegaan en vir Hom gesorg. Daar was ook baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem gegaan het.

Josef van Arimatea sit Jesus se liggaam in ’n graf

(Ook Matt 27:57-61; Luk 23:50-55; Joh 19:38,40-42)

42Dit was Vrydag, die dag toe die Jode alles gereedgemaak het vir die Sabbatdag. Dit was al laat en amper aand.

43Josef van Arimatea was ’n belangrike man in die Joodse Raad. Hy het ook gewag dat die tyd sal kom wanneer God Koning sal wees oor almal. Josef het na Pilatus toe gegaan. Hy was bang, maar hy het gevra of hy Jesus se liggaam kan kry.

44Pilatus was verbaas toe hy hoor dat Jesus klaar dood is. Hy het die leier van die Romeinse soldate geroep en vir hom gevra of Jesus klaar dood is.

45Nadat Pilatus gehoor het dat Jesus dood is, het Pilatus Jesus se liggaam vir Josef gegee.

46Josef het ’n stuk lap gekoop. Hy het Jesus se liggaam van die kruis afgehaal en Hom in die lap toegedraai. Hy het die liggaam in ’n graf gesit wat hulle in ’n rots gekap het. Hy het ’n groot klip voor die graf gerol.

47Maria Magdalena en Maria, Joses se ma, het gesien waar Josef vir Jesus begrawe het.

Markus 16

Jesus lewe weer

(Ook Matt 28:1,3,5-8; Luk 24:1-6,9; Joh 20:1-2)

1Nadat die Sabbatdag verby was, het Maria Magdalena en Maria, die ma van Jakobus, en ook Salome lekkerruik-olie gaan koop. Hulle wou dit op Jesus se liggaam gaan uitgooi.

2Baie vroeg die Sondag-oggend, net nadat die son opgekom het, het hulle by die graf gekom.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3Hulle het aangehou om vir mekaar te vra: “Wie sal vir ons die klip voor die graf wegrol?”

4Die klip was baie groot, maar toe hulle kyk, sien hulle iemand het klaar die klip voor die graf weggerol.

5Toe hulle in die graf ingaan, sien hulle ’n jongman wat regs in die graf sit. Hy het lang wit klere aangehad. Die vroue was baie bang.

6Die man het vir hulle gesê: “Moenie skrik nie. Julle soek vir Jesus van Nasaret wat gekruisig is. Hy lewe weer, Hy is nie hier nie. Kyk, hier is die plek waar hulle sy liggaam gesit het.

7Gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus: ‘Jesus gaan voor julle na Galilea, en julle moet ook gaan. Julle sal Hom daar sien. Dit is soos Hy vir julle gesê het.’ ”

8Die vroue het uit die graf gegaan en weggehardloop. Hulle het gebewe, want hulle het groot geskrik. Hulle het vir niemand iets vertel nie, want hulle was baie bang.

Jesus verskyn aan mense

(Ook Matt 28:9-10,16-20; Luk 24:10-11,13-43,50-51; Joh 20:14-29)

9Jesus het vroeg die Sondag-oggend weer begin lewe. Hy het eerste aan Maria Magdalena verskyn. Dit is die vrou uit wie Jesus voorheen sewe duiwels uitgejaag het.

10Sy het vir die dissipels wat altyd saam met Hom was, gaan vertel dat Jesus aan haar verskyn het. Hulle was nog besig om te huil en te treur.

11Toe hulle hoor Jesus lewe en Maria het Hom gesien, het hulle dit nie geglo nie.

12Daarna het Jesus verskyn aan twee van sy dissipels wat buite die stad was. Jesus het toe anders gelyk.

13Die twee dissipels het teruggegaan na die stad en hulle het vir die ander dissipels daarvan vertel, maar die ander dissipels het hulle ook nie geglo nie.

14Later het Jesus verskyn aan die elf dissipels terwyl hulle besig was om te eet. Hy het met hulle geraas omdat hulle nie geglo het nie. Hulle was hardkoppig en wou nie die mense glo nie wat gesê het dat hulle Hom gesien het nadat Hy weer begin lewe het.

15Jesus het vir hulle gesê: “Gaan na die hele wêreld en bring die goeie boodskap vir al die mense.

16As iemand glo en gedoop is, dan sal God hom red, maar as iemand nie glo nie, dan sal God hom straf.

17Die mense wat glo, sal wonderwerke kan doen: Hulle sal my Naam gebruik om duiwels uit te jaag en hulle sal nuwe tale kan praat.

© Bible Society of South Africa.

18Hulle sal slange met hulle hande optel, en as hulle iets drink wat giftig is, dan sal dit
hulle nie siek maak nie. Hulle sal hulle hande op siek mense sit, en die siek mense sal
gesond word.”

19Nadat die Here Jesus met die dissipels gepraat het, het God Hom na die hemel
geneem, en Jesus het langs God gaan sit, op die belangrikste plek.

20Sy dissipels het oral die goeie boodskap gebring. Die Here het met hulle
saamgewerk sodat hulle wonderwerke kon doen. So het God bewys dat die goeie
boodskap waar is.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Lukas

Lukas 1

’n Brief aan Teofilus

1Geagte Teofilus, baie mense het al geskryf oor alles wat gebeur het toe Jesus op die
aarde gelewe het.

2Hulle het alles uitgevind by die mense wat van die begin af by Jesus was en wat self
alles gesien het. Hulle het ook die mense uitgevra wat die goeie boodskap oor Jesus
gebring het.

3Ek het ook alles uitgevind wat die mense weet oor Jesus se lewe op die aarde en ek
het lank daaroor gedink. Nou het ek besluit om alles vir jou te skryf soos dit gebeur
het, alles wat ek weet.

4Daarom kan jy seker wees dat die dinge wat jy geleer het, waar en reg is.

’n Engel sê Johannes die Doper sal gebore word

5 Herodes was die koning van Judea. In daardie tyd was daar ’n priester, Sagaria. Hy
was een van die priesters van Abia se groep. Hulle het by die tempel gewerk
wanneer dit hulle beurt was. Sagaria was getroud met Elisabet. Sy was van
die nageslag van Aäron.

6Sagaria en Elisabet het gelewe soos God wou hê, en hulle was gehoorsaam aan al
die wette van die Here.

7Maar hulle het nie kinders gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was. Hulle altwee
was ook al baie oud.

8Dit was eendag die beurt van Abia se groep priesters om die werk in die tempel te
doen.

9Die priesters het altyd lootjies getrek om te sien wie moes ingaan om die wierook-
offer te bring. Dit was toe Sagaria wat moes ingaan in die gewyde kamer van die
tempel van die Here.

10Toe Sagaria ingaan om die wierook-offer te bring, het al die mense buite gebly en
gebid.

11’n Engel van die Here het gekom en hy het aan Sagaria verskyn. Die engel het regs
van die wierook-altaar gestaan.

12Sagaria het groot geskrik toe hy die engel sien en hy het baie bang geword.

13Maar die engel het vir hom gesê: “Sagaria, jy moenie bang wees nie, God het
geluister na jou gebed. Jou vrou Elisabet sal ’n seun kry, en jy moet hom Johannes
noem.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14 Jy sal baie bly wees en baie ander mense sal bly wees wanneer hy gebore word,

15 want hy sal belangrik wees vir die Here. Hy mag nie wyn of bier drink nie. Die
Heilige Gees sal in hom wees vandat sy ma swanger geword het.

16 Hy sal baie Israeliete laat terugkom na die Here hulle God.

17 Johannes sal ’n profeet van God wees. Hy sal dapper en sterk wees, soos Elia. Hy
sal vrede maak tussen pa’s en hulle kinders. Hy sal ongehoorsame mense laat doen
wat God wil hê. Dan sal hulle ’n volk wees wat reg is om God te dien.”

18 Sagaria het vir die engel gesê: “Hoe sal ek weet dat dit sal gebeur? Ek is ’n ou man
en my vrou is ook baie oud.”

19 Die engel het vir hom gesê: “Ek is die engel Gabriël, ek werk vir God. God het my
gestuur om met jou te praat en vir jou hierdie goeie boodskap te bring.

20 Die boodskap wat ek vir jou gebring het, is waar. Dit sal gebeur. Maar jy het my nie
geglo nie, en daarom sal jy stom wees en jy sal nie kan praat nie, tot die dag wanneer
hierdie dinge sal gebeur.”

21 Die mense het buite gewag vir Sagaria en hulle het gewonder hoekom hy so lank in
die tempel bly.

22 Toe Sagaria uitkom, kon hy nie met die mense praat nie, en hulle het besef God het
iets met hom laat gebeur in die tempel. Hy het vir hulle met sy hande gewys dat iets
met hom gebeur het, en hy het stom gebly.

23 Toe die priesters van Abia se groep klaar gewerk het by die tempel, het Sagaria
teruggegaan na sy huis.

24 Kort daarna het sy vrou Elisabet swanger geword, en sy het vyf maande lank nie uit
die huis gegaan nie. Sy het gesê:

25 “Die Here het my gehelp, Hy het gesien ek is hartseer. Hy het geweet die mense
spot my omdat ek nie kinders het nie. Nou het Hy dit verander, niemand sal my nou
meer spot nie.”

Die engel Gabriël sê Jesus sal gebore word

26 Toe Elisabet ses maande swanger was, het God die engel Gabriël gestuur na die
stad Nasaret in Galilea.

27 God het hom gestuur na ’n meisie wat verloof was aan Josef. Josef was ’n man van
die nageslag van koning Dawid. Die meisie se naam was Maria, en sy was ’n maagd.

28 Die engel het na Maria toe gegaan en gesê: “Ek groet jou. God is goed vir jou. Ja,
die Here is by jou.”

29 Maria het baie groot geskrik toe sy hoor wat die engel vir haar sê en sy het
gewonder wat dit beteken.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Die engel het vir haar gesê: “Maria, jy moenie bang wees nie, want God is goed vir jou.

31Jy sal swanger word en jy sal ’n seun kry. Jy moet Hom Jesus noem.

32Hy sal baie belangrik wees, die Hoogste God sal Hom sy Seun noem. Die Here God sal Hom laat regeer soos sy voorvader Dawid.

33Jesus sal altyd regeer oor die nageslag van Jakob. Hy sal nooit ophou om Koning te wees nie.”

34Maria het vir die engel gesê: “Hoe kan ek ’n kind kry? Ek het nog nooit by ’n man geslaap nie.”

35Die engel het vir haar gesê: “Die Heilige Gees sal op jou kom en die krag van die Hoogste God sal soos ’n skaduwee oor jou wees. Daarom sal God sê die Kind wat gebore word, is heilig, Hy is die Seun van God.

36Maria, daar is ’n vrou, Elisabet, in jou familie, sy is oud en sy kon nooit kinders kry nie, maar sy sal ook ’n seun kry. Sy is nou ses maande swanger.

37God kan alles doen, daar is niks wat Hy nie kan doen nie.”

38Maria het gesê: “Ek sal doen wat die Here wil hê. Die Here kan met my doen wat jy gesê het.” Toe het die engel weggegaan van haar.

Maria besoek Elisabet

39Nie lank daarna nie het Maria haastig na ’n stad in Judea gegaan, na ’n plek op die berge.

40Sy het in Sagaria se huis ingegaan en vir Elisabet gegroet.

41Toe Elisabet hoor dat Maria haar groet, het die baba wat binne-in haar was, geskop. Die Heilige Gees het in Elisabet gekom

42en sy het opgewonde gesê: “Maria, die Here seën jou, meer as vir al die ander vroue. Hy seën ook die kind wat in jou is.

43Dit is vir my wonderlik dat jy na my toe gekom het, jy, die ma van my Here.

44Toe jy my groet en ek jou stem hoor, was die kind binne-in my baie bly, en hy het geskop.

45Jy sal gelukkig wees, want jy het geglo dat die Here sal doen wat Hy vir jou belowe het.”

Maria prys die Here

46Toe het Maria gesê: Ek prys die Here met my hele hart.

47My hart is bly oor God wat my red.

© Bible Society of South Africa.

48Hy het my gesien en gehelp, vir my, sy nederige dienaar. Van nou af sal al die
mense sê ek is baie gelukkig,

49want God wat alles kan doen, het wonderlike dinge vir my gedoen. Sy Naam
is heilig.

50Hy sal altyd goed wees vir die mense wat Hom eer.

51Hy het gewys Hy is sterk. Hy het die hoogmoedige mense weggejaag na al die
kante toe.

52Hy het konings laat ophou regeer, maar Hy het mense wat nie belangrik is nie,
belangrik gemaak.

53Hy het vir honger mense genoeg kos gegee, maar vir die ryk mense het Hy niks
gegee nie.

54Hy het sy volk Israel gehelp, Hy het onthou dat Hy belowe het om goed te wees vir
hulle,

55vir ons voorvaders, vir Abraham en sy nageslag, vir altyd.

56Maria het omtrent drie maande by Elisabet gebly, en toe het sy teruggegaan na
haar huis.

Elisabet kry ’n seuntjie

57Toe Elisabet se baba later gebore is, was dit ’n seuntjie.

58Haar bure en familie het gehoor dat die Here goed was vir haar en hulle was baie
bly saam met haar.

59Op die agste dag het die mense gekom om die kindjie te besny. Hulle wou hom
Sagaria noem. Dit was ook sy pa se naam.

60Maar sy ma het gesê: “Nee, sy naam moet Johannes wees.”

61Die mense het vir haar gesê: “Daar is niemand in jou familie wat die naam
Johannes het nie.”

62Hulle het met gebare vir Sagaria gevra wat hy die seuntjie wil noem.

63Sagaria het gesê hulle moet vir hom ’n skryfbordjie gee en hy het daarop geskryf:
“Sy naam is Johannes.” Almal was verbaas.

64Sagaria kon dadelik weer praat, en hy het God geprys.

65Al die mense wat daar naby gewoon het, was verbaas en bang. Al die mense het
gepraat oor alles wat gebeur het, ook die mense wat in die berge in die provinsie
Judea gewoon het.

66Almal wat daarvan gehoor het, het daaroor gedink en gesê: “Ons wonder wat sal
hierdie seuntjie eendag doen.” Almal kon sien die Here was by Johannes.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Sagaria prys die Here

67Die Heilige Gees het gekom in Sagaria, Johannes se pa. Sagaria het gepraat soos die profete en hy het gesê:

68Ons prys die Here, die God van Israel, want Hy het na sy volk toe gekom en Hy het hulle vrygemaak.

69Hy het vir ons ’n sterk Redder gestuur, ’n Man van die nageslag van koning Dawid, sy dienaar.

70Die Here het belowe Hy sal dit doen. Sy gewyde profete het dit lank gelede gesê.

71Die Here red ons van ons vyande en van die mense wat vir ons haat.

72Hy het nou gedoen wat Hy vir ons voorvaders belowe het toe Hy gesê het Hy sal goed wees vir hulle. Hy het onthou dat Hy ’n gewyde verbond gemaak het met hulle.

73Die Here het vir ons voorvader Abraham belowe

74dat Hy ons sal red van ons vyande. Hy het gesê ons sal nie bang wees nie, ons sal Hom aanbid,

75ons sal net vir Hom dien en altyd lewe soos Hy wil hê.

76En jy, kindjie, jy sal ’n profeet wees van die Hoogste God. Jy sal die pad gereedmaak vir die Here, en dan sal Hy kom.

77Jy sal vir sy mense vertel dat God hulle sonde vergewe en dat Hy hulle so sal red.

78God sal dit alles doen omdat Hy baie goed wil wees vir die mense wat aan Hom behoort. Die Here sal na ons toe kom. Hy sal die son wees wat uit die hemel kom en op ons skyn.

79Sy lig sal skyn oor almal wat in die donker is, oor almal wat in die diep donker is. Die Here sal ons lei, en daar sal vrede wees.

80Johannes het groot geword, sy liggaam en sy gees het sterk geword. Hy het in die woestyn gewoon totdat hy begin preek het vir die mense van Israel.

Lukas 2

Die geboorte van Jesus Christus

(Ook Matt 1:18-25)

1In daardie tyd het keiser Augustus gesê al die mense oor wie hy regeer, moet hulle laat registreer.

2Sirenius was die goewerneur wat in daardie tyd oor die provinsie Sirië regeer het.

3Al die mense het gegaan om te registreer, elkeen het gegaan na die stad waar sy familie altyd gewoon het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Josef het in Nasaret in Galilea gewoon, maar hy moes na Betlehem gaan om te registreer. Betlehem was die stad van koning Dawid, en Josef was van die nageslag van koning Dawid.

5Josef was verloof aan Maria. Sy was swanger en sy het saam met Josef gegaan.

6Toe hulle in Betlehem was, het dit tyd geword dat Maria haar baba moes kry.

7Haar Seun is gebore. Hy was haar eerste kind. Sy het Hom toegedraai in doeke en Hom neergesit in ’n krip, want daar was nie vir Josef en Maria plek waar die ander mense gebly het nie.

Die skaapwagters en die engele

8Daar was skaapwagters buite in die veld naby Betlehem. Hulle het in die nag hulle skape opgepas.

9’n Engel van die Here het by hulle kom staan, en die lig van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle was baie bang.

10Die engel het vir hulle gesê: “Moenie bang wees nie, want ek bring vir julle ’n goeie boodskap. Al die mense sal baie bly wees daaroor.

11Vandag is julle Redder in die stad van Dawid gebore. Hy is Christus die Here.

12Julle sal weet dit is Hy wanneer julle ’n baba sien wat toegedraai is en in ’n krip lê.”

13Skielik was daar saam met die engel nog baie ander engele uit die hemel. Hulle het God geprys en gesê:

14Prys God in die hoogste hemel. By die mense op die aarde sal daar vrede wees, by die mense vir wie Hy lief is.

15Die engele het van die skaapwagters weggegaan na die hemel. Toe het die skaapwagters vir mekaar gesê: “Kom ons gaan dadelik na Betlehem sodat ons kan sien wat gebeur het. Dan sal ons sien wat die Here vir ons vertel het.”

16Die skaapwagters het haastig daarnatoe gegaan en hulle het vir Maria en Josef gekry en ook die baba wat in die krip lê.

17Toe die skaapwagters dit alles sien, het hulle vir die mense vertel wat die engel vir hulle gesê het oor hierdie Kindjie.

18Almal wat dit gehoor het, was verbaas oor wat die skaapwagters vir hulle vertel het.

19Maar Maria het alles onthou en baie maal daaroor gedink.

20Die skaapwagters het teruggegaan. Hulle het God geloof en geprys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit het alles gebeur soos die engel vir hulle vertel het.

Jesus word besny

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Toe Jesus ag dae oud was, was dit die tyd om Hom te besny, en toe het hulle Hom Jesus genoem. Dit was die naam wat die engel vir Maria gesê het voordat sy swanger geword het.

22Moses het in sy wette geskryf wat ’n vrou moet doen om weer rein te word nadat sy ’n kind gekry het. Maria het dit alles gedoen en daarna het sy en Josef vir Jesus na Jerusalem gebring om Hom aan die Here te wy.

23Die wet van die Here sê: Julle moet die eerste seun van elke vrou aan die Here wy.

24Josef en Maria het ook ’n offer gebring, want die wet van die Here sê ook: Die vrou moet ’n offer vir die Here bring. Sy moet twee tortelduiwe of twee jong duiwe offer.

Simeon en Anna by die tempel

25Daar was ’n man in Jerusalem, sy naam was Simeon. Hy het gedoen wat die Here wil hê, en hy het die Here elke dag gedien. Hy het geweet die Here sal Iemand stuur om sy volk te kom red, en hy het elke dag vir Hom gewag. Die Heilige Gees was in Simeon.

26Die Heilige Gees het voorheen vir hom gesê hy sal Christus die Here sien voordat hy sterf.

27Die Heilige Gees het eendag vir Simeon gesê hy moet na die tempel gaan. Dit was toe Josef en Maria vir Jesus gebring het om met Hom te doen soos die Wette van Moses sê.

28Simeon het die Kindjie in sy arms gehou en hy het God geprys en gesê:

29Here, U het gedoen wat U vir my gesê het. Nou kan ek sterf, ek is tevrede,

30want ek het self die Redder gesien.

31U het Hom vir ons gestuur, en al die volke sal Hom sien.

32Al die volke sal sien Hy is die lig en hulle sal u volk Israel eer.

33Josef en Maria was baie verbaas oor wat Simeon gesê het oor Jesus.

34Simeon het hulle geseën en hy het vir Maria, Jesus se ma, gesê: “Hierdie Kind het gekom, Hy sal wees soos ’n klip waaroor baie mense val, maar Hy sal ook baie mense red. Hy is die Redder, maar nie al die mense sal dit glo nie.

35Daarom, Maria, sal jy baie swaar kry. Die mense sal oor Hom stry en so sal almal weet wat die mense oor hierdie Kind dink.”

36Dieselfde dag was daar ook ’n profeet in die tempel. Haar naam was Anna en sy was baie oud. Sy was ’n dogter van Fanuel, uit die Aser-stam. Sy het getrou toe sy jonk was, en haar man het ná sewe jaar gesterf.

© Bible Society of South Africa.

37Nadat hy gesterf het, het sy nie weer getrou nie. Sy was nou 84 jaar oud en sy was elke dag by die tempel. Sy het God elke dag en nag gedien en gevas en gebid.

38Anna het by Josef en Maria gaan staan en sy het God gedank. Sy het oor Jesus gepraat met almal wat geweet het dat God Jerusalem wil vrymaak, almal wat daarvoor gewag het.

Josef en Maria gaan terug na Nasaret

(Ook Matt 2:22-23)

39Josef en Maria het alles gedoen wat die wette van die Here gesê het en toe het hulle teruggegaan na hulle stad Nasaret in Galilea.

40Die Kindjie het groot en sterk geword. God het vir Hom baie wysheid gegee en God was goed vir Hom.

Jesus by die tempel

41Jesus se ouers het elke jaar na Jerusalem gegaan om die Paasfees te vier.

42Toe Jesus twaalf jaar oud was, het hulle weer, soos altyd, na Jerusalem gegaan om die Paasfees te vier.

43Toe die fees verby was, het Josef en Maria teruggegaan na Nasaret, maar Jesus het in Jerusalem agtergebly, en sy ouers het dit nie geweet nie.

44Toe hulle sien Jesus is nie by hulle nie, het hulle gedink Hy is by die ander mense wat saam teruggegaan het. Hulle het ’n dag lank geloop en toe het hulle vir Jesus begin soek by hulle familie en vriende.

45Hulle kon Hom nie kry nie en hulle het teruggegaan na Jerusalem om Hom daar te gaan soek.

46Ná drie dae het hulle Hom in die tempel gekry. Hy het tussen die slim mense gesit en Hy het na hulle geluister en vir hulle vrae gevra.

47Almal wat na Jesus geluister het, was baie verbaas omdat Hy so slim was en so goed kon antwoord.

48Toe Jesus se ouers Hom sien, was hulle baie bly, en sy ma het vir Hom gesê: “My Kind, hoekom het jy dit gedoen? Jou pa en ek het jou gesoek en ons was baie bekommerd.”

49Maar Jesus het vir hulle gesê: “Hoekom het julle My gesoek? Het julle nie geweet nie? Ek moet hier wees, Ek moet oor my Vader praat.”

50Hy het dit vir hulle gesê, maar hulle het dit nie verstaan nie.

51Jesus het toe saam met sy ouers na Nasaret gegaan, en Hy was gehoorsaam aan sy ouers. Sy ma het alles onthou wat gebeur het, en sy het baie maal daaroor gedink.

© Bible Society of South Africa.

52Jesus het groot geword en nog meer wysheid gekry. God en die mense was lief vir Hom.

Lukas 3

Johannes die Doper preek in die woestyn

(Ook Matt 3:1-3,7-12; 14:3-4; Mark 1:2-4,7-8; 6:17-18; Joh 1:19-28)

1Dit was in die vyftiende jaar nadat Tiberius keiser geword het. Pontius Pilatus het regeer oor Judea. Koning Herodes het regeer oor Galilea. Sy broer Filippus het regeer oor Iturea en Tragonitis. Lisanias het regeer oor Abilene.

2Annas en Kajafas was hoëpriesters. In daardie tyd het God met Johannes gepraat. Johannes was die seun van Sagaria. Johannes het in die woestyn gewoon.

3Hy het toe oral vir die mense naby die Jordaan-rivier gaan preek. Hy het gesê die mense moet verander en lewe soos God wil hê en hulle moet hulle laat doop. Dit sal beteken dat God hulle sondes vergewe het.

4Johannes het gedoen soos die profeet Jesaja in sy boek geskryf het: Iemand skree in die woestyn. Hy sê: Julle moet die pad gereedmaak vir die Here. Julle moet sy paaie reguit maak.

5Elke kloof in die berg sal toegaan, en elke berg en heuwel sal plat wees. Die krom paaie sal reguit wees en die ongelyk paaie sal gelyk wees.

6Almal sal dan sien dat God die mense red.

7Baie mense het na Johannes toe gekom en gevra dat hy hulle moet doop. Maar Johannes het vir hulle gesê: “Julle is so skelm soos slange! Julle sal nie kan wegvlug wanneer God se straf kom nie.

8Nee, julle moet wys julle het verander en julle lewe nou soos God wil hê. Julle moet wys julle is soos bome wat goeie vrugte dra. Julle sê vir mekaar: ‘Ons is kinders van Abraham,’ en daarom dink julle God sal julle nie straf nie. Julle moenie dit sê nie, dit is nie waar nie. Ek sê vir julle: God kan van hierdie klippe kinders vir Abraham maak.

9God het al klaar begin om te oordeel. Dit is soos wanneer iemand met ’n byl elke boom afkap wat nie goeie vrugte dra nie, en dit in die vuur gooi.”

10Die mense vra toe vir Johannes: “Wat moet ons dan doen?”

11Johannes het vir hulle gesê: “As jy twee stukke klere het, dan moet jy een gee vir iemand wat niks klere het nie. En as jy kos het, dan moet jy kos gee vir mense wat nie kos het nie.”

12Die tollenaars het ook gekom sodat Johannes hulle kan doop. Hulle het vir hom gevra: “Meneer, wat moet ons doen?”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Johannes het vir hulle gesê: “Julle moenie meer tolgeld van die mense vat as wat
julle mag vat nie.”

14Die soldate het ook vir Johannes gevra: “En óns, wat moet ons doen?” Johannes
het vir hulle gesê: “Julle moenie mense seermaak of hulle dwing om vir julle geld te
gee nie. Julle moet tevrede wees met die geld wat julle kry.”

15Die mense het toe met mekaar gepraat en gevra of Johannes miskien die Christus
is.

16Johannes het vir almal gesê: “Ek doop julle met water, maar later sal Iemand kom
wat meer kan doen as ek. Ek is nie belangrik genoeg om sy sandale los te maak nie.
Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.

17Hy sal nou die mense oordeel. Dit sal wees soos wanneer iemand ’n vurk neem om
die koring en die kaf op sy dorsvloer van mekaar te skei. Hy maak die koring
bymekaar en bêre dit in sy stoorkamer, en Hy verbrand die kaf. Die oordeel van God
sal wees soos ’n vuur wat nie ophou brand nie.”

18Johannes het aangehou om die mense oor baie dinge te waarsku, en so het hy die
goeie boodskap vir hulle gebring.

19Johannes het ook ernstig met koning Herodes gepraat en vir hom gesê hy mag nie
sy broer se vrou, Herodias, vir hom vat nie. Johannes het ook vir Herodes gewaarsku
oor al die verkeerde dinge wat hy gedoen het.

20Maar Herodes het toe iets gedoen wat nog slegter is: Hy het vir Johannes in die
tronk toegesluit.

Johannes doop vir Jesus

(Ook Matt 3:13,16-17; Mark 1:9-11; Joh 1:29,32-34)

21Johannes het al die mense gedoop, ook vir Jesus. Toe hy klaar vir Jesus gedoop het,
het Jesus gebid, en toe het die hemel oopgegaan.

22Die Heilige Gees het afgekom na Jesus toe soos ’n duif uit die lug afkom. God het
uit die hemel gesê: “Jy is my Seun, Ek is lief vir Jou. Jy maak My bly.”

Jesus se voorouers

(Ook Matt 1:1-17)

23Jesus was omtrent 30 jaar oud toe Hy begin het om te preek en om wondertekens
te doen. Die mense het gedink Hy is die seun van Josef. Josef was die seun van Eli,

24Eli die seun van Mattat, en Mattat die seun van Levi. Levi was die seun van Melgi,
en Melgi die seun van Jannai, en Jannai die seun van Josef.

25Josef was die seun van Mattatias, Mattatias die seun van Amos, Amos die seun van
Nahum, Nahum die seun van Hesli, Hesli die seun van Naggai,

26Naggai die seun van Mahat, Mahat die seun van Mattatias, Mattatias die seun van
Semeïn, Semeïn die seun van Josek, Josek die seun van Joda,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Joda die seun van Johanan, Johanan die seun van Resa, Resa die seun van Serubbabel, Serubbabel die seun van Sealtiël, Sealtiël die seun van Neri,

28Neri die seun van Melgi, Melgi die seun van Addi, Addi die seun van Kosam, Kosam die seun van Elmadam, Elmadam die seun van Er,

29Er die seun van Josua, Josua die seun van Eliëser, Eliëser die seun van Jorim, Jorim die seun van Mattat, Mattat die seun van Levi,

30Levi die seun van Simeon, Simeon die seun van Juda, Juda die seun van Josef, Josef die seun van Jonam, Jonam die seun van Eljakim,

31Eljakim die seun van Melea, Melea die seun van Menna, Menna die seun van Mattata, Mattata die seun van Natan, Natan die seun van Dawid,

32Dawid die seun van Isai, Isai die seun van Obed, Obed die seun van Boas, Boas die seun van Sala, Sala die seun van Nagson,

33Nagson die seun van Amminadab, Amminadab die seun van Admin, Admin die seun van Arni, Arni die seun van Gesron, Gesron die seun van Peres, Peres die seun van Juda,

34Juda die seun van Jakob, Jakob die seun van Isak, Isak die seun van Abraham, Abraham die seun van Tera, Tera die seun van Nahor,

35Nahor die seun van Serug, Serug die seun van Rehu, Rehu die seun van Peleg, Peleg die seun van Heber, Heber die seun van Sala,

36Sala die seun van Kenan, Kenan die seun van Arpagsad, Arpagsad die seun van Sem, Sem die seun van Noag, Noag die seun van Lameg,

37Lameg die seun van Metusalag, Metusalag die seun van Henog, Henog die seun van Jered, Jered die seun van Mahalalel, Mahalalel die seun van Kenan,

38Kenan die seun van Enos, Enos die seun van Set. Set was die seun van Adam, en Adam was die seun van God.

Lukas 4

Die duiwel probeer om Jesus verkeerd te laat doen

(Ook Matt 4:1-11; Mark 1:12-13)

1Jesus het weggegaan van die Jordaan-rivier. Die Heilige Gees was in Jesus en die Gees het Hom na die woestyn gelei.

2Daar het die duiwel 40 dae lank probeer om Jesus verkeerd te laat doen. Jesus het niks geëet nie, en toe die 40 dae verby was, was Hy baie honger.

3Die duiwel het vir Jesus gesê: “As Jy die Seun van God is, sê vir hierdie klip dit moet brood word.”

© Bible Society of South Africa.

4Maar Jesus het vir hom gesê: “In die Ou Testament is geskryf: ‘ ’n Mens lewe nie net van brood nie.’ ”

5Toe het die duiwel vir Jesus na ’n hoë plek geneem. Hy het vir Jesus vinnig al die lande in die wêreld gewys.

6Die duiwel het vir Jesus gesê: “Ek sal vir Jou al hierdie lande en al hulle goed gee, want God het dit alles vir my gegee, en ek kan dit gee vir wie ek wil.

7As Jy my aanbid, dan sal Jy dit alles kry.”

8Maar Jesus het vir hom gesê: “In die Ou Testament is geskryf: “ Jy moet jou God die Here aanbid en net vir Hom dien.”

9Toe het die duiwel vir Jesus na Jerusalem geneem en hy het Jesus op die hoogste plek by die tempel laat staan. Die duiwel sê toe vir Jesus: “As Jy die Seun van God is, spring van hierdie plek af,

10want in die Ou Testament is geskryf: “ God sal vir sy engele sê hulle moet jou beskerm,”

11en “hulle sal jou op hulle hande dra sodat jy nie jou voet teen ’n klip sal stamp nie.”

12Maar Jesus het vir die duiwel geantwoord: “God het ook in die Ou Testament gesê: ‘ Jy moenie vir jou God die Here iets vra wat jy nie mag vra nie.’ ”

13Die duiwel het opgehou probeer om Jesus verkeerd te laat doen, en hy het weggegaan van Hom. Later het hy weer gekom.

Jesus in Galilea

(Ook Matt 4:12,17; Mark 1:14-15; Joh 4:3,45)

14Jesus het teruggegaan na Galilea. Die Heilige Gees het Hom sterk gemaak. In Galilea het al die mense oor Jesus gepraat.

15Jesus het vir hulle in die sinagoges geleer, en almal het gedink Hy is wonderlik.

Die mense van Nasaret jaag vir Jesus weg

(Ook Matt 13:53-58; Mark 6:1-6)

16Jesus het in Nasaret gekom, die stad waar Hy grootgeword het. Hy het altyd op die Sabbatdag na die sinagoge gegaan. Eendag het Hy in die sinagoge opgestaan om vir die mense uit die Bybel te lees.

17Iemand het die boek van die profeet Jesaja vir Hom gegee. Jesus het die boek oopgemaak en Hy het gelees wat Jesaja geskryf het:

18 Die Gees van die Here lei my. Die Here het my gesalf en gesê ek moet die goeie boodskap vir die arm mense bring. Hy het my gestuur om vir die gevangenes te sê hulle is vry, hulle kan uitgaan. Hy het my gestuur om vir die blinde mense te sê hulle sal weer kan sien. Ek moet almal vrymaak wat swaarkry.

19Ek moet sê dit is nou die tyd wanneer die Here alles sal regmaak.

© Bible Society of South Africa.

20Daarna het Jesus die boek toegemaak en Hy het dit teruggegee vir die persoon wat
dit moes bêre. Jesus het gaan sit en almal in die sinagoge het na Jesus gekyk.

21Jesus het met die mense begin praat en gesê: “Vandag het God laat gebeur wat Ek
uit die Bybel gelees het.”

22Almal het goed gepraat oor Jesus. Hulle het gedink die dinge wat Hy sê, is
wonderlik. Hulle het vir mekaar gesê: “Hy is Josef se seun, en luister watter
wonderlike dinge sê hy!”

23Maar Jesus het vir hulle gesê: “Moenie te gou bly word oor My nie. Julle sal later
vir My wil sê: ‘As jy ’n dokter wil wees, dan moet jy eers jouself gesond maak. Ons
het gehoor van al die wonderwerke wat jy in Kapernaum gedoen het. Jy moet
dieselfde dinge nou ook hier doen, hier in die stad waar jy grootgeword het.’ ”

24Jesus het ook gesê: “Maar Ek sê vir julle: Mense hou nie van ’n profeet in die stad
waar sy mense woon nie.

25Luister nou goed: In die tyd toe Elia in die land Israel gelewe het, het dit drie jaar
en ses maande lank nie gereën nie, en daar was baie min kos op die hele aarde. Daar
was baie weduwees in die land Israel,

26maar die Here het nie vir Elia na een van hulle toe gestuur nie, net na ’n weduwee
in die stad Sarepta in Sidon.

27En in die tyd toe die profeet Elisa gelewe het, was daar baie melaatse mense in die
land Israel. Maar die Here het nie een van hulle gesond gemaak nie, net vir Naäman,
die Siriër.”

28Almal in die sinagoge het kwaad geword toe hulle hoor wat Jesus sê.

29Hulle het opgestaan en vir Jesus weggejaag uit die stad. Hulle stad was op ’n berg,
en hulle het Hom gevat tot by die kant van die berg. Hulle wou Hom daar afstamp.

30Maar Jesus het tussen die mense deur geloop en weggegaan.

Die man in wie die gees van ’n onrein duiwel was

(Ook Mark 1:21-28)

31Jesus het toe na Kapernaum, ’n stad in Galilea, gegaan. Daar het Hy elke Sabbatdag vir die mense geleer.

32Die mense was baie verbaas oor die dinge wat Hy vir hulle geleer het, want hulle
het besef dat wat Hy gesê het, van God gekom het.

33In die sinagoge was daar ’n man, daar was ’n onrein gees in die man. Die gees het
hard geskree en gesê:

34“Jesus van Nasaret, wat wil U met ons doen? Het U gekom om ons dood te maak?
Ek weet wie U is. U is die Heilige wat van God kom.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

35Jesus het met die gees geraas en gesê: “Bly stil en gaan uit die man uit!” Almal het gesien die duiwel gooi die man op die grond. Toe het hy uit die man gegaan, hy het die man nie seergemaak nie.

36Al die mense was baie verbaas en hulle het vir mekaar gesê: “Die woorde wat hierdie man sê, kom van God. Hy sê vir die onrein geeste om uit te gaan, en dan gaan hulle uit.”

37Die mense het oral gepraat oor wat Jesus gedoen het.

Jesus maak Petrus se skoonma en ander siek mense gesond

(Ook Matt 8:14-17; Mark 1:29-34)

38Jesus het weggegaan van die sinagoge en Hy het na Simon se huis gegaan. Simon se skoonma was baie siek in die bed. Sy het koors gehad. Die mense het vir Jesus gevra om haar te help.

39Jesus het by haar gaan staan en Hy het kwaai gepraat met die koors. Die koors het weggegaan, en sy het dadelik opgestaan en vir hulle kos gegee.

40Toe die son ondergaan en die Sabbatdag verby was, het almal hulle siek mense na Jesus toe gebring. Jesus het sy hande op elkeen gesit en Hy het hulle gesond gemaak.

41Daar het ook duiwels uit baie mense uitgegaan en die duiwels het geskree: “U is die Seun van God.” Die duiwels het geweet Hy is die Christus. Daarom het Jesus kwaai gepraat met hulle en gesê hulle moet stilbly.

Jesus gaan weg van Kapernaum

(Ook Matt 4:23; Mark 1:35-39)

42Die volgende oggend het Jesus na ’n stil plek gegaan om alleen te wees. Baie mense het Hom gesoek. Toe hulle Hom kry, wou hulle nie hê Hy moet weggaan van hulle nie.

43Maar Jesus het vir hulle gesê: “Ek moet ook vir die mense in ander stede die goeie boodskap bring dat God Koning is. Dit is hoekom God My gestuur het.”

44Jesus het toe aangehou om in die sinagoges in die Jode se land te preek.

Lukas 5

Jesus kies sy eerste dissipels

(Ook Matt 4:18-22; Mark 1:16-20)

1Eendag het Jesus by die see van Gennesaret gestaan en Hy het die boodskap van God vir die mense verduidelik. Baie mense het na Hom geluister en hulle het rondom Jesus gestaan en teen Hom gedruk.

2Jesus het twee bote gesien wat langs die see lê. Die vissermanne was nie in die bote nie. Hulle was besig om die visnette te was.

© Bible Society of South Africa.

3Jesus het in een van die bote geklim. Dit was Simon se boot. Jesus het vir Simon gevra om ’n bietjie verder van die strand weg te roei. Jesus het gaan sit en Hy het uit die boot vir die mense geleer.

4Toe Hy klaar gepraat het, het Hy vir Simon gesê: “Roei ’n bietjie verder tot waar die see diep is en gooi julle nette in die water om vis te vang.”

5Simon het vir Jesus gesê: “Meneer, ons het die hele nag hard gewerk, maar ons het niks gevang nie. Maar as U sê ek moet dit doen, dan sal ek die nette ingooi.”

6Toe Simon die nette in die see gooi, het hulle so baie visse gevang dat die nette amper stukkend geskeur het.

7Hulle het hulle vriende in die ander boot geroep om te kom help. Hulle vriende het gekom en hulle het altwee bote vol visse gemaak. Dit was so vol, die bote het amper gesink.

8Toe Simon Petrus dit sien, het hy voor Jesus op die grond geval en gesê: “Here, gaan weg van my, want ek is ’n man wat baie sonde doen.”

9Simon Petrus en die ander mense saam met hom was baie verbaas oor die baie visse wat hulle gevang het.

10Jakobus en Johannes was ook baie verbaas. Hulle was die seuns van Sebedeus en hulle het saam met Simon gewerk en visgevang. Jesus het vir Simon gesê: “Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy nie meer visvang nie, jy sal mense bymekaarmaak.”

11Hulle het met die bote tot by die land geroei. Hulle het alles daar gelos en saam met Jesus gegaan.

Jesus maak ’n melaatse man gesond

(Ook Matt 8:1-4; Mark 1:40-45)

12Jesus het in ’n stad gekom. Daar was ’n melaatse man. Toe die melaatse man vir Jesus sien, het hy voor Jesus op die grond geval met sy gesig teen die grond. Hy het vir Jesus gesoebat en gesê: “Here, as U wil, kan U my gesond maak.”

13Jesus het sy hand uitgesteek en aan die man geraak en gesê: “Ek wil dit doen, Ek maak jou gesond.” Dadelik was die man nie meer melaats nie.

14Jesus het vir die man gesê: “Jy moet dit vir niemand vertel nie. Gaan wys vir die priester jy is gesond en doen dan wat Moses in die wette geskryf het. Bring die offers omdat jy rein geword het. Dan sal die priesters weet jy is rein.”

15Die mense het toe nog meer gepraat oor alles wat Jesus gedoen het. Baie mense het bymekaargekom om na Jesus te luister. Hulle wou ook hê Jesus moet hulle siektes gesond maak.

16Jesus het altyd graag na stil plekke gegaan om alleen te wees en daar te bid.

Jesus maak ’n verlamde man gesond

(Ook Matt 9:1-8; Mark 2:1-12)

© Bible Society of South Africa.

17Eendag was Jesus besig om vir die mense te leer. Daar was ook Fariseërs
en skrifgeleerdes wat na Hom geluister het. Hulle het gekom uit al die stede van
Galilea en Judea en ook uit Jerusalem. Die Here het vir Jesus krag gegee om mense
gesond te maak.

18'n Paar manne het 'n man wat verlam was, op 'n slaapmat nader gebring. Hulle het
gekyk waar Jesus is, en hulle wou die man in die huis inbring en voor Jesus neersit.

19Maar hulle kon nie naby Jesus kom nie, want daar was te veel mense. Hulle het toe
op die dak geklim en van die dakteëls uitgehaal. Toe laat sak hulle die verlamde man
op die slaapmat deur die gat in die dak tot voor Jesus. Almal het dit gesien.

20Jesus het gesien hulle glo Hy kan die verlamde man gesond maak, en Hy het vir die
man gesê: "My vriend, Ek vergewe jou sondes."

21Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het saggies met mekaar gepraat en gesê: "Wie is
hierdie man? Hy maak of hy God is. 'n Méns kan nie sondes vergewe nie, net God
kan."

22Maar Jesus het geweet wat hulle praat. Hy het vir hulle gesê: "Hoekom sê julle dit?

23Wat is makliker om te sê: 'Ek vergewe jou sondes,' of 'Staan op en loop?'

24Ek wil nou vir julle wys dat Ek, die Seun van die mens, sondes mag vergewe op die
aarde." Toe sê Jesus vir die lam man: "Ek sê vir jou, staan op, neem jou slaapmat en
gaan huis toe."

25Die man het dadelik opgestaan. Almal het dit gesien. Hy het die slaapmat geneem
waarop hy gelê het en hy het huis toe gegaan. Hy het aangehou om God te prys.

26Al die mense was verbaas en hulle het God ook geprys. Hulle was bang en hulle het
aangehou om God te eer. Hulle het gesê: "Vandag het ons wonderlike dinge gesien."

Jesus roep vir Levi

(Ook Matt 9:9-13; Mark 2:13-17)

27Daarna het Jesus verder gegaan. Hy sien toe 'n tollenaar by die tolhek sit. Die
tollenaar se naam was Levi. Jesus het vir hom gesê: "Kom saam met My."

28Levi het opgestaan en alles daar gelos en hy het saam met Jesus gegaan.

29Toe nooi Levi vir Jesus na 'n groot ete in sy huis. Daar was ook baie tollenaars en
ander mense wat saam met hulle geëet het.

30Maar party van die Fariseërs en hulle skrifgeleerdes het later by Jesus se dissipels
kom kla en gevra: "Hoekom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?"

31Jesus het vir hulle gesê: "Gesonde mense gaan nie dokter toe nie, net mense wat
siek is, gaan dokter toe.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

32Dit is hoekom Ek saam met daardie mense eet. Ek het nie gekom om mense te
roep wat dink hulle is gehoorsaam aan die wette van God nie. Nee, Ek het gekom om
sondaars te roep sodat hulle kan lewe soos God wil hê."

Hoekom Jesus se dissipels nie vas nie

(Ook Matt 9:14-17; Mark 2:18-22)

33Party mense het vir Jesus gesê: "Johannes die Doper se dissipels vas baie maal en
bid altyd wanneer hulle moet. Die Fariseërs se dissipels doen dit ook. Maar jou
dissipels eet en drink."

34Jesus sê toe vir hulle: "Julle kan nie vir mense by 'n troue sê hulle mag niks eet nie.
Die bruidegom is dan by hulle.

35Maar daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom nie meer by hulle sal wees nie.
Dan sal hulle vas."

36Jesus vertel toe vir hulle 'n gelykenis. Hy het gesê: "'n Mens skeur nie 'n lap uit
nuwe klere om ou klere reg te maak nie, want dan het hy die nuwe klere ook
geskeur. En 'n nuwe lap pas nie by ou klere nie.

37En 'n mens gooi ook nie nuwe wyn in ou velsakke nie. Die nuwe wyn sal die ou
velsakke laat bars, en dan loop die wyn uit en die velsakke is stukkend.

38Nee, 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe velsakke.

39Onthou ook: As 'n mens eers ou wyn geproe het, dan wil jy nie nuwe wyn drink nie,
want die ou wyn smaak lekkerder."

Lukas 6

Jesus is die Here van die Sabbatdag

(Ook Matt 12:1-4,8; Mark 2:23-26,28)

1Jesus en sy dissipels het op 'n Sabbatdag deur 'n koringland geloop. Die dissipels
het van die koring-are gepluk en hulle het die korrels met hulle hande uitgevryf en
dit geëet.

2Toe vra party van die Fariseërs: "Hoekom doen julle iets wat 'n mens nie op die
Sabbatdag mag doen nie?"

3Jesus het vir hulle gesê: "Het julle gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne
honger was?

4Dawid het in 'n tempel ingegaan en hy het die brood geneem wat net die priesters
mag eet. Dawid het dit geëet en hy het ook vir sy manne daarvan gegee."

5Jesus sê toe vir hulle: "Ek, die Seun van die mens, is die Here wat besluit wat op die
Sabbatdag mag gebeur."

Die man met 'n gebreklike hand

(Ook Matt 12:9-10,12-14; Mark 3:1-6)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Op ’n ander Sabbatdag het Jesus na die sinagoge gegaan en Hy het vir die mense
geleer. Daar was ’n man, sy regter-hand was gebreklik.

7Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het Jesus dopgehou om te kyk of Hy die man op
die Sabbatdag gesond sal maak. As Jesus dit doen, dan wou hulle Hom beskuldig dat
Hy verkeerd gedoen het.

8Maar Jesus het geweet wat hulle dink. Hy sê toe vir die man met die gebreklike
hand: “Kom staan hier tussen die mense sodat almal jou kan sien.” Die man het
gedoen wat Jesus gesê het.

9Jesus sê toe vir die skrifgeleerdes en die Fariseërs: “Sê vir My, mag ’n mens op die
Sabbatdag goed doen of verkeerd doen? Mag ’n mens iemand se lewe red, of mag ’n
mens hom doodmaak?”

10Jesus het na al die mense rondom Hom gekyk en Hy het vir die man gesê: “Steek
jou hand uit.” Die man het dit gedoen, en toe was sy hand gesond.

11Die skrifgeleerdes en Fariseërs het baie kwaad geword, hulle was woedend. Hulle
het planne gemaak en gedink wat hulle met Jesus kan doen.

Jesus kies twaalf apostels

(Ook Matt 10:1-4; Mark 3:13-19)

12Nie lank daarna nie het Jesus na die berg gegaan om daar te bid. Hy het die hele
nag tot God gebid.

13Toe dit dag word, het Hy sy dissipels na Hom toe geroep. Hy het twaalf van hulle
gekies en Hy het hulle apostels genoem.

14Hulle name was: Simon, sy ander naam was Petrus, en ook sy broer Andreas,
Jakobus, Johannes, Filippus, Bartolomeus,

15Matteus, Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Simon die patriot,

16Judas seun van Jakobus, en Judas Iskariot wat later vir Jesus verraai het.

Jesus maak mense gesond

(Ook Matt 4:24-25; Mark 3:7-12)

17Daarna het Jesus saam met die apostels van die berg afgegaan en op ’n gelyk plek
gaan staan. Daar was baie van sy dissipels en baie ander mense wat gekom het uit
die hele provinsie Judea, en van Jerusalem en van die stede Tirus en Sidon by die see.

18Hulle het almal na Jesus kom luister en hulle wou hê Hy moet hulle gesond maak.
Daar was onrein geeste in party mense, en Jesus het daardie mense ook gesond
gemaak.

19Almal wou graag aan Jesus raak, want daar het krag uit Hom gekom en die krag het
almal gesond gemaak.

Die gelukkige mense en die mense met wie dit sleg sal gaan

(Ook Matt 5:3-12)

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Jesus kyk toe na sy dissipels en Hy sê vir hulle: Julle wat arm is, is gelukkige mense,
want God is julle Koning.

21Julle wat nou honger is, is gelukkige mense, want God sal vir julle genoeg gee om
te eet. Julle wat nou huil, is gelukkige mense, want julle sal lag.

22Julle is gelukkige mense wanneer die mense julle haat en wegjaag en beledig en
slegte dinge van julle sê omdat julle aan My behoort, aan My, die Seun van die
mens.

23Julle moet bly wees wanneer dit gebeur, so bly dat julle rondspring, want in die
hemel sal God baie goed wees vir julle. Kan julle onthou wat gebeur het met
die profete? Die voorouers van die mense wat vir julle nou haat, het die profete
lank gelede ook so gehaat.

24Maar God sal dit sleg laat gaan met julle wat ryk is, want dit het in hierdie lewe
goed gegaan met julle.

25God sal dit sleg laat gaan met julle wat nou baie kos het, want julle sal eendag
honger wees. God sal dit sleg laat gaan met julle wat nou lag, want julle sal eendag
huil en treur.

26God sal dit sleg laat gaan met julle wanneer al die mense net mooi dinge van julle
sê, want hulle voorouers het lank gelede ook net mooi dinge van die vals profete
gesê.

Die dissipels moet vir hulle vyande lief wees

(Ook Matt 5:39-42; 7:12; 5:43-44,46-48)

27"Ek sê vir julle wat nou na My luister: Julle moet lief wees vir julle vyande. Julle
moet goed wees vir die mense wat vir julle haat.

28Julle moet die mense seën wat vir julle vloek. Julle moet bid vir die mense wat vir
julle beledig.

29"As iemand jou op jou wang slaan, dan moet jy jou gesig draai sodat hy jou ook op
jou ander wang kan slaan. As iemand jou bo-kleed vat, dan moet jy ook
jou onderkleed vir hom gee.

30"Jy moet vir elkeen gee wat vir jou iets vra. En as iemand jou goed vat, dan moet jy
dit nie terugvra nie.

31"Julle moet aan ander mense doen soos julle graag wil hê hulle moet aan julle
doen.

32As julle net lief is vir die mense wat lief is vir júlle, dan doen julle net wat julle moet
doen, julle doen niks beter nie. Want die sondaars is ook lief net vir die mense wat
lief is vir húlle.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

33“As julle goed doen net aan die mense wat goed doen aan julle, dan doen julle net
wat julle moet doen, julle doen niks beter nie. Die sondaars doen dieselfde.

34“As julle net vir mense iets leen sodat julle later weer iets by hulle kan kry, dan
doen julle net wat julle moet doen, julle doen niks beter nie. Die sondaars leen ook
vir mekaar sodat hulle weer iets kan terugkry.

35“Nee, julle moet anders wees. Julle moet lief wees vir julle vyande. Julle moet goed
wees vir mense, julle moet vir hulle dinge leen, maar julle moenie hoop om iets terug
te kry nie. Dan sal die Here goeie dinge vir julle gee. Julle sal kinders van die Hoogste
God wees. Want God is goed vir almal, ook vir die mense wat nie dankbaar is nie en
wat sleg is.

36Julle moet jammer wees vir ander mense, soos julle Vader jammer is vir almal.”

Mense moenie altyd sê ander mense doen verkeerd nie

(Ook Matt 7:1-5,16-18; 12:35; Mark 4:24)

37“Julle moenie altyd sê ander mense doen verkeerd en God moet hulle straf nie. As
julle dit nie doen nie, dan sal God júlle ook nie straf nie. Ja, julle moenie altyd ander
mense wil oordeel nie, dan sal niemand vir julle wil oordeel nie. Julle moet ander
mense vergewe, dan sal God julle ook vergewe.

38“Dit moet vir julle maklik wees om vir ander mense iets te gee, want dan sal hulle
vir julle ook iets gee. Ja, hulle sal vir julle baie meer gee, want wat julle aan ander
mense doen, sal hulle aan julle doen.”

39Jesus het die volgende voorbeelde gebruik om vir hulle nog iets te sê: “’n Blinde
mens kan nie ’n ander blinde mens lei nie. Want hulle sal saam in ’n sloot val.

40“’n Dissipel is nie belangriker as die meneer by wie hy leer nie. Maar as hy alles
geleer het, dan sal hy wees soos sy meneer.

41Hoekom sien jy die klein stukkie hout in jou broer se oog, maar jy sien nie die groot
stuk hout in jou eie oog nie?

42Jy sê vir jou broer: ‘Ek wil daardie stukkie hout uithaal uit jou oog,’ maar jy sien nie
die groot stuk hout in jou eie oog nie. As jy dit doen, dan is jy ’n skynheilige mens.
Nee, jy moet eers die groot stuk hout uit jou eie oog haal, dan sal jy goed kan sien
om die klein stukkie hout uit jou broer se oog te haal. “’n Mens ken ’n boom
wanneer jy sien watter vrugte die boom dra.

43’n Goeie boom dra nie slegte vrugte nie, en ’n slegte boom dra nie goeie vrugte nie.

44Hoe weet ’n mens watter soort boom dit is? Jy kyk na die boom se vrugte. ’n Mens
pluk nie vye van ’n doringboom nie. Jy kan ook nie druiwe van ’n doringbos pluk nie.

45Dit is dieselfde by mense: ’n Goeie mens praat en doen goeie dinge omdat hy in sy
hart goed is. En ’n slegte mens praat en doen slegte dinge omdat hy in sy hart sleg is.
Ja, ’n mens praat oor die baie dinge wat in sy hart is.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Twee soorte fondamente

(Ook Matt 7:21,24-27)

46"Hoekom sê julle so baie maal Ek is julle Here, maar julle doen nie wat Ek sê nie?

47Ek sal vir julle verduidelik hoe is iemand wat na My toe kom en hoor wat Ek sê en wat dit doen.

48Hy is soos 'n man wat 'n huis gebou het, en hy het die fondament van die huis diep in die grond gegrawe, tot op die rots. Toe kom daar 'n watervloed. Die rivier het vol water geword en die water het tot teen die huis gekom. Maar die rivier kon nie die huis wegspoel nie, want die man het die fondament goed gebou.

49Maar hoe is iemand wat hoor wat Ek sê en dit nie doen nie? Hy is soos 'n man wat sy huis bo-op die grond gebou het. Die huis het nie 'n fondament gehad nie. Toe die rivier vol water word en tot teen die huis kom, het die huis dadelik inmekaar geval. Daar het niks van die huis oorgebly nie."

Lukas 7

Jesus maak 'n Romeinse offisier se slaaf gesond

(Ook Matt 8:5-10,13; Joh 4:46-51)

1Toe Jesus klaar gepraat het met die mense, het Hy na die stad Kapernaum gegaan.

2Daar het 'n Romeinse offisier gewoon. Hy het 'n baie goeie slaaf gehad. Die slaaf was ernstig siek, hy was amper dood.

3Die offisier het gehoor van Jesus. Hy het party van die Joodse leiers na Jesus toe gestuur. Hulle moes vir Jesus sê die offisier vra Jesus moet asseblief die slaaf kom gesond maak.

4Die leiers kom toe by Jesus en soebat en sê vir Hom: "Hierdie offisier is 'n baie goeie man. U moet asseblief sy slaaf gesond maak.

5Die offisier is lief vir die Joodse volk en hy het ook ons sinagoge gebou."

6Jesus het saam met hulle gegaan. Toe Hy naby die offisier se huis kom, kom 'n paar van die offisier se vriende na Jesus toe. Hulle het vir Jesus 'n boodskap van die offisier gebring. Hulle het gesê die offisier sê: "Here, dit is nie nodig dat U kom nie. Ek is nie 'n Jood nie, ek is nie goed genoeg dat U in my huis kom nie.

7Dit is hoekom ek nie self na U toe gegaan het nie. Ek is nie goed genoeg nie. U kan net sê dat my slaaf gesond moet word, dan sal hy gesond word.

8Ek is self 'n man wat moet doen wat 'n belangriker offisier vir my sê, en ek het soldate wat moet doen wat ek vir hulle sê. Wanneer ek vir een sê hy moet gaan, dan gaan hy. En wanneer ek vir 'n ander een sê hy moet kom, dan kom hy. Wanneer ek vir my slaaf sê hy moet iets doen, dan doen hy dit."

© Bible Society of South Africa.

9Toe Jesus dit hoor, was Hy verbaas. Hy draai toe om na die mense wat saam met
Hom geloop het en Hy sê vir hulle: “Ek sê vir julle, Ek het nog nooit ’n Israeliet gesien
wat so sterk glo nie.”

10Toe die offisier se vriende weer by sy huis kom, het hulle gesien die slaaf is
heeltemal gesond.

Jesus laat ’n weduwee se seun weer lewe

11Nie lank daarna nie het Jesus na die stad Nain gegaan. Sy dissipels en baie ander
mense het saam met Hom gegaan.

12Toe Jesus naby die poort van die stad kom, sien Hy mense wat na ’n graf toe loop
om iemand te begrawe. Dit was ’n weduwee se enigste seun wat gesterf het. Baie
van die stad se mense was saam met haar.

13Toe die Here haar sien, was Hy baie jammer vir haar en Hy het vir haar gesê: “Jy
moenie huil nie.”

14Jesus gaan toe nader en raak aan die kis waarin hulle die lyk van die jongman gedra
het. Die manne wat die lyk gedra het, het gaan staan. Toe sê Jesus: “Jongman, Ek sê
vir jou, staan op.”

15Die jongman wat dood was, het regop gesit en hy het begin praat. So het Jesus die
jongman teruggegee vir sy ma.

16Al die mense was verbaas en bang oor wat gebeur het. Hulle het God geprys en
gesê: “’n Belangrike profeet het by ons gekom.” Hulle het ook gesê: “God het sy volk
kom help.”

17Die mense in die hele provinsie Judea en die plekke daar naby het gehoor wat
Jesus hier gedoen het.

Jesus antwoord vir Johannes die Doper

(Ook Matt 11:2-6)

18Die dissipels van Johannes die Doper het vir hom alles vertel wat Jesus gedoen
het. Johannes roep toe twee van sy dissipels

19en stuur hulle na die Here toe om vir Hom te vra: “Is U die Christus wat moes
kom? Of moet ons vir ’n ander Een wag?”

20Johannes se dissipels het by Jesus gekom en gesê: “Johannes die Doper het ons
gestuur om vir U te vra of U die Christus is wat moes kom, en of ons vir ’n ander Een
moet wag.”

21Jesus was besig om baie mense gesond te maak wat siek was. Hy het ook bose
geeste uit mense gejaag en Hy het baie blinde mense weer laat sien.

22Jesus sê toe vir Johannes se dissipels: “Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en
gehoor het: Blinde mense kan nou sien, kreupel mense kan nou loop, melaatse

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

mense is weer gesond, dowe mense kan nou hoor, mense wat gesterf het, lewe weer, en arm mense hoor die goeie boodskap dat Jesus die Christus is.

23 En God sal mense seën wat aanhou om in My te glo."

Jesus en Johannes die Doper

(Ook Matt 11:7-15)

24 Die boodskappers van Johannes het teruggegaan, en toe het Jesus vir die mense iets oor Johannes vertel. Jesus het gevra: "Wat het julle gedink sal julle sien toe julle in die woestyn na Johannes toe gegaan het? Het julle gedink julle sal iemand sien wat soos 'n riet in die wind heen en weer waai? Nee!

25 Het julle gedink julle sal 'n man sien wat mooi en duur klere dra? Nee, die mense wat mooi klere aantrek en blink goed het, woon in konings se paleise.

26 Maar wat wou julle gaan sien? 'n Profeet? Ja, maar Ek sê vir julle: Julle het meer as 'n profeet gesien.

27 God het in die Ou Testament oor Johannes gepraat toe Hy gesê het: " Kyk, Ek stuur my boodskapper. Hy sal voor jou gaan en hy sal die pad gereedmaak vir jou.

28 "Ek sê vir julle, niemand is belangriker as Johannes nie, nie een van al die mense wat gebore is nie. Maar wanneer God Koning is, dan is die mens wat die minste belangrik is, nog belangriker as Johannes."

29 Al die mense, ook die tollenaars, het gedink God oordeel reg oor hulle, en daarom het hulle gevra dat Johannes hulle moet doop.

30 Maar die Fariseërs en die skrifgeleerdes wou nie vir Johannes vra om hulle te doop nie, want hulle wou nie God se plan aanvaar nie, God se plan om hulle te red.

Mense is nooit tevrede nie

(Ook Matt 11:16-19)

31 Jesus het ook gesê: "Wat kan Ek sê van die mense wat vandag lewe?

32 Hulle is soos kinders wat op die oop stuk grond in die stad sit. Party kinders sê: 'Ons het vir julle trou-musiek op die fluit gespeel, maar julle wou nie dans nie.' En die ander kinders sê: 'Ons het vir julle 'n begrafnis-lied gesing, maar julle wou nie huil nie.'

33 So doen die mense ook met Johannes die Doper en met My. Hulle is nooit tevrede nie. Toe Johannes hier was, het hy nie saam feesgevier nie. Toe sê julle: 'Daar is 'n duiwel in hom.'

34 Nou het Ek, die Seun van die mens, gekom en Ek vier graag fees. Nou sê julle: 'Hy is 'n vraat en 'n dronklap. En Hy is ook 'n vriend van die tollenaars en van mense wat nie doen wat die Here in sy wette sê nie.'

35 Die mense wat regtig weet wat die wysheid van God is, is die mense wat in My en Johannes geglo het."

© Bible Society of South Africa.

Jesus eet by Simon die Fariseër

(Ook Matt 26:6-13; Mark 14:3-9; Joh 12:1-8)

36 Een van die Fariseërs het vir Jesus genooi om by hom te kom eet. Jesus het by die
Fariseër se huis gekom en Hy het by die tafel gaan sit.

37 Daar was ’n slegte vrou in die stad, almal het geweet sy is ’n slegte vrou. Sy het
gehoor Jesus is by die huis van die Fariseër om daar te eet. Sy neem toe ’n klip-
kruikie met lekkerruik-olie

38 en sy gaan sit by Jesus se voete. Sy het aangehou huil. Sy het Jesus se voete met
haar trane natgemaak en met haar hare afgedroog. Toe soen sy Jesus se voete en
gooi die olie op sy voete.

39 Toe die Fariseër wat vir Jesus genooi het, dit sien, het hy gedink: As hierdie man
’n profeet was, dan sou hy geweet het watter soort vrou dit is wat aan hom raak. Hy
sou geweet het sy is ’n slegte vrou.

40 Toe sê Jesus vir die Fariseër: “Simon, Ek wil vir jou iets sê.” En Simon sê: “Meneer,
sê dit vir my.”

41 Jesus vertel toe vir hom ’n gelykenis: “Daar was twee mense wat geld geskuld het
aan iemand wat vir hulle geld geleen het. Die een man het 500 silwer geldstukke
geskuld, en die ander man het 50 silwer geldstukke geskuld.

42 Altwee mans kon nie hulle skuld betaal nie. Toe het die man wat die geld vir hulle
geleen het, gesê hulle moenie die skuld terugbetaal nie, hulle mag die geld hou.
Watter man sal die dankbaarste wees vir die man wat gesê het hulle mag die geld
hou?”

43 Simon het gesê: “Ek dink die man wat die meeste geld geskuld het.” Jesus sê toe:
“Jy het reg gedink.”

44 Toe draai Jesus na die vrou en Hy sê vir Simon: “Sien jy hierdie vrou? Toe Ek by jou
huis gekom het, het jy nie vir My water gegee om my voete te was nie, maar hierdie
vrou het my voete met haar trane gewas en met haar hare afgedroog.

45 Jy het My nie gesoen toe jy My gegroet het nie. Maar hierdie vrou het aangehou
om my voete te soen vandat Ek ingekom het.

46 Jy het ook nie lekkerruik-olie op my kop gegooi nie, maar hierdie vrou het
lekkerruik-olie op my voete gegooi.

47 Daarom sê Ek vir jou, God het die baie sondes wat sy gedoen het, vergewe. Toe sy
hierdie dinge aan My gedoen het, het sy gewys dat sy lief is vir My. Dit wys ook sy is
baie dankbaar dat God haar baie sondes vergewe het. Jy dink jy het min sondes,
maar God het dit vergewe. Jy wys ook hoe min dankbaar jy is en hoe min jy lief is vir
Hom.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

48Jesus sê toe vir die vrou: “Ek vergewe jou sondes.”

49Die mense wat saam met Jesus by die tafel gesit het, begin toe met mekaar praat en hulle sê: “Wie is hierdie man wat sondes vergewe?”

50Maar Jesus het vir die vrou gesê: “Omdat jy glo, daarom red Ek jou. Totsiens, dit sal goed gaan met jou.”

Lukas 8

Vroue wat vir Jesus en sy dissipels gesorg het

1Jesus het deur baie stede gegaan, van die een stad na die ander stad. Hy het oral die goeie boodskap gebring dat God Koning is. Die twaalf dissipels het saam met Hom gegaan.

2Daar was ook vroue by hulle. Jesus het hierdie vroue voorheen gesond gemaak toe Hy bose geeste uit hulle laat gaan het. Een van die vroue was Maria Magdalena. Sewe duiwels het uit haar uitgegaan.

3’n Ander vrou was Johanna, die vrou van Gusa. Gusa was die hoof van die mense wat in koning Herodes se paleis gewerk het. Susanna en nog baie ander vroue was ook by Jesus en sy dissipels. Hierdie vroue het hulle eie geld gebruik om vir Jesus en sy dissipels te sorg.

Die gelykenis van die saaier

(Ook Matt 13:1-9; Mark 4:1-9)

4Baie mense het na Jesus toe gekom uit al die stede wat daar naby was. Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis. Hy het gesê:

5“’n Man was besig om saad te saai en terwyl hy gesaai het, het party van die saad op die voetpad in die koringland geval. Daar het die mense op die saad getrap en die voëls het dit opgepik.

6Party van die saad het op vlak grond geval. Daar was klip onder die grond. Toe die saad begin groei, het dit gou droog geword omdat daar nie genoeg water in daardie grond was nie.

7Party van die saad het tussen die dorings geval. Die dorings het saam met die saad gegroei, en die dorings het die plantjies heeltemal toegegroei.

8Party van die saad het in vrugbare grond geval. Hierdie saad het mooi gegroei, en daar was baie koring, 100 maal meer as wat die man gesaai het.” Toe Jesus die gelykenis klaar vertel het, het Hy gesê: “As iemand verstaan wat Ek sê, dan moet hy doen wat Ek sê.”

Jesus sê hoekom Hy gelykenisse vertel

(Ook Matt 13:10-11; Mark 4:10-11)

9Jesus se dissipels vra toe vir Hom wat die gelykenis beteken.

© Bible Society of South Africa.

10Jesus het gesê: “God het vir julle gehelp om die geheim te verstaan dat Hy Koning
is en dat Hy regeer. Maar die ander mense verstaan dit nie. Ek vertel vir hulle
gelykenisse. “ Daarom kyk daardie mense, maar hulle sien nie, en hulle hoor, maar
hulle verstaan nie.”

Jesus sê wat die gelykenis van die saaier beteken

(Ook Matt 13:18-23; Mark 4:13-20)

11Jesus het toe vir die dissipels gesê wat die gelykenis beteken. Hy het gesê: “Die
saad is die boodskap van God.

12Wanneer die saad op die voetpad val, dan is dit soos wanneer mense die boodskap
van God hoor, maar dan kom die duiwel en hy vat die boodskap weg uit hulle harte.
Dan kan hulle nie glo nie, en dan red God hulle nie.

13Wanneer die saad in vlak grond val waar daar klippe onder die grond is, dan is dit
soos wanneer mense die boodskap hoor en glo en bly is daaroor. Maar daar is nie ’n
diep wortel nie, hulle hou nie aan om te glo nie. Wanneer hulle swaarkry, dan hou
hulle op om te glo.

14Wanneer die saad tussen dorings val, dan is dit soos wanneer mense die boodskap
hoor, maar hulle is bekommerd oor baie dinge en hulle wil net ryk word en lekker
lewe. Dan is hulle soos plante met vrugte wat nooit ryp word nie.

15Maar wanneer die saad in vrugbare grond val, is dit soos wanneer mense die
boodskap hoor en hulle glo dit met hulle hele hart. Hulle onthou die boodskap en
hulle is soos plante wat altyd goeie vrugte dra.”

Die gelykenis van die lamp

(Ook Matt 5:15; 10:26; 13:12; Mark 4:21-25)

16Jesus het ook gesê: “’n Mens steek nie ’n lamp op en sit dit dan onder ’n emmer of
steek dit onder die bed weg nie. Nee, ’n mens sit ’n lamp op die lampstaander. Dan
kan almal in die kamer die lig sien.

17God is Koning. Niemand kan hierdie geheim wegsteek nie. Almal sal daarvan weet
en almal sal dit kan sien.

18Julle moet goed luister na die boodskap. Want as iemand verstaan en hy vertel vir
almal dat God Koning is, dan sal God hom nog beter laat verstaan. Maar as iemand
dit nie verstaan nie, dan sal God hom niks laat verstaan nie, ook as hy dink dat hy
verstaan.”

Jesus se ma en sy broers

(Ook Matt 12:46-47,50; Mark 3:31-32,35; Joh 15:14)

19Jesus se ma en broers het vir Hom kom kuier. Hulle kon nie naby Hom kom nie,
want daar was te veel mense rondom Hom.

20Toe kom sê iemand vir Jesus: “Jou ma en jou broers staan hier buite en hulle wil
jou graag sien.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Maar Jesus het vir hulle gesê: “My ma en my broers is die mense wat die boodskap van God hoor en doen wat God wil hê.”

Jesus maak die storm stil

(Ook Matt 8:23-27; Mark 4:35-41)

22Eendag het Jesus saam met sy dissipels in ’n boot geklim. Jesus sê toe vir hulle: “Kom ons gaan na die ander kant van die see.” Hulle het dit gedoen.

23Voordat hulle daar was, het Jesus aan die slaap geraak. Skielik het ’n sterk stormwind oor die see begin waai. Die boot het vol water geword en dit het gevaarlik geword vir hulle.

24Die dissipels gaan toe na Jesus toe en hulle maak Hom wakker. Hulle het vir Hom gesê: “Meneer, Meneer, ons sal verdrink.” Toe Jesus wakker word, het Hy kwaai gepraat met die wind en die groot branders.

25Die wind het opgehou waai, en alles het stil geword. Jesus sê toe vir die dissipels: “Hoekom glo julle nie?” Maar die dissipels het baie groot geskrik en hulle was baie verbaas. Hulle het vir mekaar gevra: “Wie is hierdie Man? Hy sê vir die wind en die water hulle moet stil wees, en dan luister hulle na Hom!”

Jesus jaag onrein geeste uit ’n man

(Ook Matt 8:28-34; Mark 5:1-20)

26Jesus en sy dissipels het toe verder gegaan tot by die land waar die Geraseners gewoon het, oos van Galilea.

27Toe hulle uit die boot klim, kom daar ’n man uit die stad na Jesus toe. Die man was vol duiwels, hy was mal. Hy het ’n lang tyd niks klere gedra nie en hy het nie in ’n huis gewoon nie. Hy het in die grafte gewoon.

28Toe die man vir Jesus sien, het hy hard geskree en voor Jesus op die grond geval. Hy het hard geskree: “Wat wil U met my doen, Jesus, Seun van die Allerhoogste God? Ek soebat U, U moenie vir my seermaak nie, asseblief.”

29Die man het dit gesê omdat Jesus vir die onrein gees gesê het hy moet uit die man uitgaan. Voorheen het die onrein gees die man baie maal aangeval. Dan moes die mense die man vasbind met kettings en voetboeie en hulle moes hom toesluit. Maar die man het altyd die kettings en boeie stukkend gebreek en dan het die duiwel hom in die woestyn ingejaag.

30Jesus vra toe vir die man: “Wat is jou naam?” En hy het geantwoord: “My naam is Legioen.” Hy het hierdie naam gekry omdat baie duiwels in hom gewoon het.

31Die duiwels het Jesus gesoebat om hulle nie na die onderwêreld te stuur nie.

32’n Groot trop varke het teen die kant van die berg gewei. Die duiwels het vir Jesus gesoebat om hulle in die varke te laat ingaan. Jesus het gesê hulle mag dit doen.

© Bible Society of South Africa.

33Die duiwels het uit die man uitgegaan en hulle het in die varke ingegaan. Die varke het teen die berg afgehardloop tot binne-in die see. Daar het almal verdrink.

34Die wagters wat die varke opgepas het, het gesien wat gebeur het. Hulle het weggehardloop en hulle het alles gaan vertel in die stad en op die plase.

35Die mense het gekom om te sien wat gebeur het. Toe hulle by Jesus kom, sien hulle die man, die duiwels het uit hom uitgegaan. Hy het by die voete van Jesus gesit. Hy het klere aangehad. Daar was nie meer duiwels in hom nie, hy was nie meer mal nie. Die mense het groot geskrik.

36Die ander mense wat gesien het hoe Jesus die man gered het wat vol duiwels was, vertel toe alles.

37Al die mense in die land waar die Gerasene gewoon het, het vir Jesus gevra om weg te gaan van hulle, want hulle almal het baie bang geword. Jesus het toe in die boot geklim en weggegaan.

38Die man uit wie die duiwels gegaan het, het gesoebat om saam met Jesus te gaan. Maar Jesus het die man weggestuur en Hy het vir hom gesê:

39"Gaan terug na jou huis en vertel vir die mense alles wat God vir jou gedoen het." Die man het weggegaan en hy het vir almal in die stad vertel wat Jesus vir hom gedoen het.

Jesus maak 'n dogtertjie en 'n vrou gesond

(Ook Matt 9:18-26; Mark 5:21-43)

40Jesus het teruggegaan na die provinsie Galilea. Baie mense het na Hom toe gekom, want almal het vir Hom gewag om te kom.

41'n Man het na Jesus toe gekom. Sy naam was Jaïrus. Hy was 'n belangrike man in die sinagoge. Hy het voor Jesus op die grond gekniel en hy het vir Jesus gesoebat om na sy huis te kom.

42Jaïrus se enigste dogtertjie was baie siek, sy was naby haar dood. Sy was twaalf jaar oud. Jesus het na haar toe gegaan. Daar was so baie mense dat hulle teen Jesus gedruk het.

43Daar was 'n vrou wat twaalf jaar lank siek was. Sy het aangehou bloei. Sy het al haar geld gebruik om die dokters te betaal, maar niemand kon haar gesond maak nie.

44Die vrou het van agter gekom en sy het aan die soom van Jesus se klere geraak. Sy het toe dadelik opgehou bloei.

45Jesus het gevra: "Wie het aan My geraak?" Almal het gesê hulle het nie aan Hom geraak nie. Petrus het gesê: "Here, hier is baie mense wat teen U druk."

© Bible Society of South Africa.

46Maar Jesus het gesê: “Iemand het aan My geraak, want Ek het gevoel daar gaan krag uit My.”

47Die vrou het gesien Jesus weet van haar. Sy het gebewe en sy het nader gekom en voor Jesus gekniel. Toe vertel sy daar voor al die mense hoekom sy aan Hom geraak het en dat sy dadelik gesond geword het.

48Jesus het vir haar gesê: “Mevrou, jy het nou gesond geword, want jy het geglo. Gaan nou huis toe, dit sal goed gaan met jou.”

49Een van Jaïrus se mense het daar aangekom terwyl Jesus besig was om te praat. Die man het vir Jaïrus gesê: “Jou dogtertjie is dood. Jy moenie die Meneer nog pla nie.”

50Maar Jesus het dit gehoor en Hy het vir Jaïrus gesê: “Jy moenie bang wees nie. Jy moet net glo, dan sal God jou dogter red.”

51Toe Jesus by Jaïrus se huis kom, wou Hy nie hê die ander mense moet saam met Hom in die huis ingaan nie. Hy het net vir Petrus en Johannes en Jakobus en die ouers van die kind saamgeneem.

52Die mense het almal gehuil en getreur oor die dogtertjie. Maar Jesus het gesê: “Julle moenie huil nie, want die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap.”

53Die mense het vir Jesus gelag, want hulle het geweet die dogtertjie is dood.

54Toe neem Jesus haar hand en Hy sê: “Kind, staan op.”

55Die dogtertjie het weer begin lewe en sy het dadelik opgestaan. Jesus het toe gesê hulle moet vir haar iets gee om te eet.

56Haar ouers was baie bly, maar Jesus het vir hulle gesê hulle mag glad nie vir iemand vertel wat gebeur het nie.

Lukas 9

Jesus stuur die twaalf dissipels om te gaan preek

(Ook Matt 10:1,7-14; Mark 6:7-13)

1Jesus het die twaalf dissipels geroep. Hy het vir hulle krag gegee om duiwels uit mense te jaag en siek mense gesond te maak.

2Hy het die dissipels gestuur om vir die mense te vertel God is Koning en Hy regeer. Die dissipels moes ook siek mense gesond maak.

3Jesus het vir die dissipels gesê: “Julle mag niks saamneem wanneer julle gaan nie. Julle mag nie ’n kierie of ’n rugsak of kos of geld saamneem nie. Julle mag net die klere saamneem wat julle aanhet.

© Bible Society of South Africa.

4As mense julle uitnooi om in hulle huis te bly, dan moet julle daar bly totdat julle weggaan uit daardie stad.

5En as die mense julle nie daar wil laat bly nie, dan moet julle weggaan van daardie stad en julle moet die stof van julle voete afskud. So sal julle vir hulle waarsku dat God hulle sal straf."

6Die dissipels het na al die dorpies gegaan en hulle het die goeie boodskap vir die mense gebring. Hulle het ook oral mense gesond gemaak.

Koning Herodes wonder wie is Jesus

(Ook Matt 14:1-2; Mark 6:14-16)

7Koning Herodes het gehoor van al die dinge wat gebeur het. Hy het baie gewonder wie Jesus is, want die mense het baie verskillende dinge oor Jesus gesê. Party mense het gesê: "Jesus is Johannes die Doper. Johannes het gesterf, maar hy lewe weer."

8Party mense het gesê: "Jesus is Elia wat nou gekom het." Ander mense het gesê: "Jesus is 'n profeet, hy is een van die profete wat lank gelede gelewe het, en wat nou weer lewe."

9Maar Herodes het gesê: "Nee, Ek het Johannes die Doper se kop laat afkap. Ek hoor al die dinge van hierdie man, maar ek weet nie wie hy is nie." Herodes wou graag self vir Jesus sien.

Jesus gee vir 5 000 mense kos

(Ook Matt 14:13-21; Mark 6:30-44; Joh 6:1-14)

10Toe die apostels terugkom, het hulle vir Jesus vertel wat hulle alles gedoen het. Daarna het Jesus gesê hulle moet saam met Hom gaan na die stad Betsaida sodat hulle alleen kon wees.

11Maar toe die mense hoor waarnatoe hulle gaan, het hulle ook daarnatoe gegaan. Jesus het vir hulle gewag. Toe praat Hy met hulle en sê vir hulle God is Koning en Hy regeer. Jesus het ook die mense gesond gemaak wat graag gesond wou word.

12Dit het laat geword, en die twaalf dissipels het na Jesus toe gekom en gesê: "Stuur die mense weg sodat hulle na die dorpies en plase hier naby kan gaan om slaapplek en kos te kry. Hier waar ons is, is niks kos nie."

13Maar Jesus het vir hulle gesê: "Júlle moet vir hulle kos gee om te eet." Die dissipels het gesê: "Ons het net vyf brode en twee visse. Ons kan nie vir al hierdie mense kos gee nie, ons sal moet gaan kos koop."

14Daar was baie mense. Die mans was omtrent 5 000. Maar Jesus het vir sy dissipels gesê: "Sê vir die mense hulle moet in groepe van omtrent 50 bymekaar sit."

15Die dissipels het dit gedoen en hulle het gesê al die mense moet sit.

16Toe het Jesus die vyf brode en twee visse geneem. Hy het opgekyk na die hemel en Hy het God geprys en dankie gesê vir die kos. Daarna het Hy die kos in stukke

© Bible Society of South Africa.

gebreek en Hy het dit vir die dissipels gegee. Die dissipels het dit vir die mense gegee.

17Almal het genoeg geëet. Toe die mense klaar geëet het, het die dissipels twaalf mandjies vol stukkies kos opgetel wat oorgebly het.

Wie is Jesus? Jesus sê Hy sal sterf en weer lewe

(Ook Matt 16:13-16,20-21; Mark 8:27-31)

18Eendag was Jesus alleen, Hy was besig om te bid. Die dissipels was daar naby Hom. Jesus vra toe vir hulle: “Wat sê die mense, wie is Ek?”

19Die dissipels het vir Hom gesê: “Party mense sê U is Johannes die Doper, party mense sê U is Elia, en ander mense sê U is een van die profete wat lank gelede gelewe het en wat nou weer begin lewe het.”

20Jesus het vir hulle gevra: “Maar julle, wat sê júlle? Wie sê júlle is Ek?” Petrus het geantwoord: “U is die Christus van God.”

21Jesus het toe vir sy dissipels gesê hulle mag nie vir ander mense vertel dat Hy die Christus is nie.

22Hy het ook gesê dat die familieleiers, die priesterleiers en die skrifgeleerdes baie slegte dinge sal doen aan Hom, die Seun van die mens. Hulle sal Hom nie aanvaar nie, hulle sal Hom doodmaak, maar op die derde dag sal God Hom weer laat lewe.

Hoe ’n mens vir Jesus moet volg

(Ook Matt 16:24-28; Mark 8:34-9:1; Joh 12:25)

23Jesus het vir al die mense gesê: “As iemand saam met My wil kom, dan moet hy nie dink aan wat hy self graag wil hê nie. Hy moet elke dag lewe soos iemand wat weet hy sal aan ’n kruis sterf. Dit is hoe hy My moet volg.

24Want as iemand homself wil red, dan sal hy sy lewe verloor. Maar as iemand sy lewe verloor omdat hy lief is vir My, dan sal hy sy lewe red.

25As jy alles in die wêreld kry maar jy verloor jou lewe vir altyd, dan help dit jou niks.

26As iemand My nie wil ken nie en nie wil glo wat Ek sê nie, dan sal Ek, die Seun van die mens, hom ook nie wil ken nie. Ek sal hom nie wil ken nie wanneer Ek saam met die heilige engele kom en Koning is soos my Vader Koning is.

27Ek sê vir julle, en dit is seker: Party mense wat hier staan, sal sien dat God Koning is, hulle sal dit sien voordat hulle sterf.”

God sê Jesus is sy Seun

(Ook Matt 17:1-5,8; Mark 9:2-8; Joh 12:28-30)

28Omtrent ag dae nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy vir Petrus, Johannes en Jakobus saam met Hom geneem. Hy het teen ’n berg opgegaan om daar te bid.

29Jesus se gesig het anders begin lyk terwyl Hy besig was om te bid. Sy klere het baie wit geword en dit het geblink.

© Bible Society of South Africa.

30Skielik was daar twee mans wat met Jesus gepraat het. Dit was Moses en Elia,

31en hulle het soos konings gelyk. Hulle het gepraat oor Jesus wat ’n paar dae later in Jerusalem sou sterf.

32Petrus, Johannes en Jakobus het aan die slaap geraak. Hulle het later wakker geskrik en hulle het vir Jesus en die twee mans by Hom gesien. Jesus het ook soos ’n koning gelyk.

33Moses en Elia het gereedgemaak om weg te gaan van Jesus, en Petrus het vir Jesus gesê: “Meneer, dit is goed dat ons hier is. Ons moet drie tente opslaan, een tent vir U, een tent vir Moses en een tent vir Elia.” Petrus het nie besef wat hy sê nie.

34Petrus was nog besig om te praat, toe kom daar ’n wolk wat vir hulle almal toegemaak het. Die drie dissipels het bang geword toe die wolk oor hulle kom.

35Die dissipels het gehoor God praat uit die wolk. Hy het gesê: “Dit is my Seun wat Ek gekies het. Julle moet doen wat Hy sê.”

36Toe God klaar gepraat het, het die drie dissipels net vir Jesus daar gesien. Die dissipels het stilgebly, en terwyl Jesus by hulle op die aarde was, het hulle vir niemand vertel van die dinge wat hulle gesien het nie.

Daar was ’n onrein gees in ’n seun, en Jesus het die seun gesond gemaak

(Ook Matt 17:14-18; Mark 9:14-27)

37Die volgende dag het Jesus en die drie dissipels afgekom van die berg. Baie mense het na Hom toe gekom.

38Een van die mense het hard gepraat en gesê: “Meneer, ek soebat U, help asseblief my seun. Hy is my enigste seun.

39Daar is ’n onrein gees wat my seun aanval, dan begin my seun dadelik skree. Die gees laat hom ruk en skop, en skuim kom by sy mond uit. Die gees los my seun amper nooit nie, en hy is besig om my seun dood te maak.

40Ek het u dissipels gevra om die gees uit te jaag, maar hulle kon nie.”

41Toe sê Jesus: “Julle glo nie en julle is sleg! Hoe lank moet Ek nog by julle wees? Hoe lank moet Ek nog geduldig wees met julle? Bring jou seun hiernatoe.”

42Toe die seun nader kom, het die duiwel hom op die grond laat val en hom laat ruk en skop. Jesus het hard met die onrein gees gepraat en Hy het hom uit die seun gejaag. Jesus het die seun gesond gemaak en hom vir sy pa teruggegee.

43Al die mense was verbaas omdat God so sterk is en dit alles kan doen.

Jesus praat die tweede maal oor sy dood

(Ook Matt 17:22-23; Mark 9:30-32)

Al die mense was verbaas oor alles wat Jesus gedoen het. Maar Jesus het vir sy dissipels gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

44“Julle moet goed luister na wat Ek vir julle sê. Die tyd is nou naby wanneer God vir
My, die Seun van die mens, vir die mense sal gee sodat hulle My kan doodmaak.”

45Maar die dissipels het nie verstaan wat Jesus gesê het nie. God het nog nie vir hulle
gewys wat hierdie woorde beteken nie, en hulle kon dit nie verstaan nie. Hulle was
te bang om vir Jesus te vra wat hierdie woorde beteken.

Wie is die belangrikste?

(Ook Matt 18:1-2,5; Mark 9:33-34,36,37; Joh 13:20)

46Die dissipels het met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is.

47Maar Jesus het geweet wat hulle dink. Hy neem toe ’n kindjie en Hy laat die kindjie
by Hom staan.

48Jesus het vir die dissipels gesê: “Wanneer iemand vir hierdie kindjie wat aan My
behoort, sê hy is welkom, dan sê hy Ek is ook welkom by hom. En wanneer Ek by
iemand welkom is, dan is my Vader wat My gestuur het, ook welkom by hom. Die
een wat die minste belangrik is van julle almal, hy is die belangrikste by God.”

As iemand nie teen die dissipels is nie, dan help hy vir hulle

(Ook Mark 9:38-40)

49Johannes het vir Jesus gesê: “Meneer, ons het iemand gesien wat u Naam gebruik
om duiwels uit mense te jaag. Ons het hom probeer keer omdat hy nie saam met
ons by U is nie.”

50Maar Jesus het vir Johannes gesê: “Julle moet hom nie keer nie, want as hy nie
teen julle is nie, dan help hy vir julle.”

Die Samaritane wil nie luister na Jesus nie

51Dit was amper Jesus se tyd om na die hemel te gaan. Hy het besluit om na
Jerusalem te gaan.

52Hy het boodskappers gestuur en hulle het by ’n Samaritaanse dorpie gekom en vir
die mense gevra hulle moet vir Jesus slaapplek en kos gereedmaak.

53Maar die mense wou nie vir Jesus daar hê nie, omdat Hy na Jerusalem wou gaan.

54Jakobus en Johannes, twee van Jesus se dissipels, het dit gesien, en hulle het vir
Jesus gevra: “Here, wil U hê ons moet bid dat vuur uit die hemel kom en hierdie
mense verbrand?”

55Maar Jesus het omgedraai en met Jakobus en Johannes geraas.

56Jesus en sy dissipels het toe na ’n ander dorpie gegaan.

Wat beteken dit om Jesus te volg?

(Ook Matt 8:18-22)

57Toe Jesus en sy dissipels besig was om na Jerusalem te gaan, het iemand vir Jesus
gesê: “Ek sal saam met U gaan, oral waar U gaan.”

© Bible Society of South Africa.

58Jesus sê toe vir hom: “Jakkalse woon in gate, en voëls het neste. Maar Ek, die Seun van die mens, het nie ’n plek waar Ek kan woon nie.”

59Jesus het vir iemand anders gesê: “Kom saam met My.” Maar die man het gesê: “Here, ek sal saam met U gaan, maar ek moet eers wag tot my pa dood is sodat ek hom kan begrawe.”

60Maar Jesus het vir hom gesê: “Dit is belangriker om My te volg as om te wag totdat jy jou pa begrawe het. Jy moet vir die mense gaan vertel God is Koning.”

61Iemand anders het ook vir Jesus gesê: “Ek sal saam met U gaan, maar ek wil asseblief eers vir my familie gaan totsiens sê.”

62Maar Jesus het vir hom gesê: “Iemand wat begin ploeg en aanhou om agtertoe te kyk, is nie gereed om vir God te werk nie, God wat Koning is.”

Lukas 10

Jesus stuur 72 dissipels om te gaan preek

(Ook Matt 9:37-38; 10:7-16; 11:21-23; Joh 13:20)

1Jesus het nog 72 ander dissipels gekies. Hy het hulle twee-twee voor Hom gestuur na al die stede en plekke waarnatoe Hy self later wou gaan.

2Jesus sê toe vir die 72 dissipels: “Daar is baie ryp koring om af te sny, maar daar is baie min werkers wat kan help om dit te doen. Die ryp koring is die mense wat aan die Here behoort. Julle moet bid tot Hom, en julle moet vra dat Hy werkers sal stuur om sy ryp koring af te sny.

3Gaan nou, maar onthou, Ek stuur julle na die mense in die wêreld, en julle sal wees soos skape wat tussen gevaarlike wolwe is.

4Moenie beursies saamneem nie. Julle moet ook nie rugsakke en sandale saamneem nie. En julle moenie tyd mors en vir almal op die pad vra hoe dit gaan nie.

5Wanneer julle in ’n huis kom, dan moet julle eers sê: ‘God gee vir hierdie huis vrede.’

6“As daar iemand in die huis woon wat vrede wil hê, dan sal die vrede by hom bly. Maar as daar niemand in die huis is wat die vrede wil hê nie, dan sal God nie vir daardie huis vrede gee nie.

7Julle moet bly by die mense wat God se vrede wil hê, en julle moet eet en drink wat hulle vir julle gee. Julle moet onthou: “ Wanneer iemand werk, dan moet jy hom beloon. “Moenie skuldig voel wanneer die mense goed is vir julle nie, want onthou, julle werk vir die Here. Julle moenie elke maal in ’n ander huis gaan bly nie.

8As julle in ’n stad kom en die mense sê julle is welkom, dan moet julle eet wat die mense vir julle gee.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9Julle moet die siek mense in daardie stad gesond maak. Julle moet vir hulle sê: ‘Die
tyd is naby wanneer julle sal weet God is Koning.’

10Maar as julle in ’n stad kom en die mense sê julle mag nie daar bly nie, dan moet
julle in die strate uitgaan en sê:

11‘Ons gaan nou weg en ons vee nou ook julle stad se stof van ons voete af. Dit is vir
julle die teken dat God ook nou weggaan van julle. Maar julle moet weet: Die tyd is
naby wanneer julle sal weet God is Koning.’

12Ek sê vir julle, wanneer God die mense sal oordeel, dan sal dit beter gaan met die
stad Sodom as met daardie stad.

13Dit sal sleg gaan met die mense van die stad Gorasin! Dit sal sleg gaan met julle wat
in Betsaida woon! Ek het baie wonderwerke by julle gedoen. As Ek dieselfde
wonderwerke gedoen het in die stede Tirus en Sidon, dan sou al daardie mense hulle
lewe verander het. Hulle sou rouklere gedra het en as op hulle koppe gegooi het. So
sou hulle gewys het hulle het verander en hulle wil begin lewe soos God wil hê.

14Die dag wanneer God sal oordeel, sal God die mense van Tirus en Sidon minder
straf as vir julle.

15En julle wat in Kapernaum woon, julle dink God sal vir julle eer gee en julle optel
tot in die hemel. Nee! Hy sal julle verneder en Hy sal julle laat val tot in die hel.”

16Jesus het ook vir die dissipels gesê: “Wanneer die mense na julle luister, dan luister
hulle na My. Die mense wat hulle rug draai na julle toe, draai hulle rug na My toe. En
die mense wat hulle rug draai na My toe, draai hulle rug na God toe wat My gestuur
het.”

Die 72 dissipels kom terug

17Die 72 dissipels het teruggekom en hulle was bly en opgewonde oor alles wat
gebeur het. Hulle het vir Jesus gesê: “Here, ook die duiwels luister na ons wanneer
ons u Naam gebruik om hulle uit mense te jaag.”

18Toe sê Jesus vir hulle: “Ek het gesien hoe die Satan skielik uit die hemel val, soos
wanneer weerlig uit die hemel kom.

19Onthou, Ek het vir julle gesê julle kan op slange en skerpioene trap, en hulle sal
niks aan julle kan doen nie. Ook as my vyand, die Satan, probeer om julle aan te val,
sal hy niks kan doen aan julle nie.

20Julle moet bly wees, maar moenie net bly wees omdat die bose geeste na julle
luister nie. Julle moet meer bly wees omdat God julle name opgeskryf het in die
hemel.”

Die Seun prys die Vader

(Ook Matt 11:25-27; 13:16-17)

© Bible Society of South Africa.

21In daardie tyd het die Heilige Gees in Jesus gekom. Jesus het gejuig en gesê:
“Vader, Here van die hemel en die aarde, Ek sê vir U dankie, want U het kinders en
gewone mense gehelp om u woorde en tekens te verstaan. Maar slim en geleerde
mense het dit nie verstaan nie, want U het hulle nie gehelp om dit te verstaan nie. Ja,
Vader, U het dit so gedoen omdat U dit so wou doen.”

22Jesus het ook gesê: “My Vader het alles vir My gegee. Niemand ken regtig die Seun
van God nie, net die Vader ken Hom. En niemand ken regtig die Vader nie, net die
Seun van God ken die Vader. En net as die Seun vir mense help om te weet wie die
Vader is, dan ken hulle ook die Vader.”

23Toe draai Jesus om na sy dissipels en Hy praat net met hulle en sê: “Julle is
gelukkig, julle wat al hierdie dinge sien.

24Want Ek sê vir julle: Baie profete en konings wou graag sien wat julle nou sien,
maar hulle het dit nie gesien nie. Hulle wou ook graag hoor wat julle nou hoor, maar
hulle het dit nie gehoor nie.”

Die barmhartige Samaritaan

(Ook Matt 22:34-40; Mark 12:28-31,34)

25Daar het ’n skrifgeleerde na Jesus toe gekom. Hy wou hê Jesus moet iets sê wat vir
Hom probleme sal gee en hy het vir Hom gevra: “Meneer, wat moet ek doen om
die ewige lewe te kry?”

26Jesus het vir hom gevra: “Wat het God in sy wette geskryf? Wat lees jy in die
wette?”

27Die skrifgeleerde antwoord toe: “ Jy moet vir jou God die Here lief wees met jou
hele hart, met jou hele lewe, met al jou krag, en met jou hele verstand. Jy moet ook
vir jou naaste lief wees soos jy lief is vir jouself.”

28Toe sê Jesus vir hom: “Jy het reg geantwoord. Gaan doen dit, en jy sal die ewige
lewe kry.”

29Maar die skrifgeleerde wou wys dat hy slimmer is as Jesus. Daarom vra hy toe vir
Jesus: “Maar wie is my naaste?”

30Jesus het vir hom gesê: “’n Man het van Jerusalem na Jerigo geloop. Op daardie
pad het manne hom aangeval. Hulle het sy klere uitgetrek en hom geslaan en sy
goed gesteel. Toe hardloop hulle weg en los hom daar. Hy was amper dood.

31Daar het toe ’n priester op dieselfde pad geloop. Toe hy die man sien, het hy
verbygeloop, op die ander kant van die pad.

32’n Leviet het ook daar verbygeloop en hy het dieselfde gedoen. Toe hy die man
sien, het hy verbygeloop, op die ander kant van die pad.

33’n Samaritaan het daar aangekom op dieselfde pad. Toe hy by die man kom en
hom sien, was hy baie jammer vir hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34Hy het nader gegaan, hy het die man se seerplekke toegedraai, en olyf-olie en wyn daarop gegooi. Die Samaritaan het sy donkie nader gebring. Hy het die man op die donkie laat ry en hy het hom na ’n herberg geneem. Daar het hy goed vir hom gesorg.

35Die volgende dag het hy twee silwer geldstukke uitgehaal, en hy het dit vir die eienaar van die herberg gegee. Hy het vir hom gesê: ‘Jy moet goed sorg vir die man, en as hierdie geld nie genoeg is nie, dan sal ek vir jou nog gee wanneer ek weer hier verbykom.’ ”

36Jesus vra toe vir die skrifgeleerde: “Wat dink jy? Wie van hierdie drie mense het ’n naaste geword van die man vir wie daardie manne aangeval het?”

37Die skrifgeleerde het gesê: “Daardie man wat jammer was vir hom en wat hom gehelp het.” Toe sê Jesus vir die skrifgeleerde: “Gaan, en doen wat die Samaritaan gedoen het.”

Jesus kuier by Marta en Maria

38Jesus en sy dissipels het verder gegaan. Hulle kom toe by ’n dorpie. ’n Vrou het Hom genooi om in haar huis te kom. Die vrou se naam was Marta.

39Haar suster se naam was Maria. Maria het by die voete van die Here gaan sit en sy het geluister na alles wat Hy sê.

40Maar Marta was baie besig om vir al die mense in die huis kos te gee. Sy kom toe na Jesus toe en sê: “Here, my suster los my alleen om al die mense te bedien. Dink U dit is reg? Sê vir haar sy moet my kom help.”

41Maar die Here het vir haar gesê: “Marta, Marta, jy is bekommerd oor so baie dinge en jy maak jou moeg daaroor.

42Maar daar is een ding wat belangriker is as alles, en Maria het hierdie een ding gekies, en niemand sal dit wegneem van haar nie.”

Lukas 11

Hoe die dissipels moet bid

(Ook Matt 6:9-13; 7:7-11)

1Eendag was Jesus besig om te bid. Toe Hy klaar gebid het, sê een van sy dissipels vir Hom: “Here, leer vir ons hoe ons moet bid, soos Johannes die Doper ook vir sy dissipels geleer het.”

2Jesus sê toe vir hulle: “Wanneer julle bid, dan moet julle sê: “Vader, ons bid dat al die mense u heilige Naam sal eer omdat U God is. Ons bid dat die tyd moet kom wanneer almal sal weet U is Koning.

3Gee vir ons die kos wat ons elke dag nodig het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

4 En vergewe ons alles wat ons verkeerd gedoen het, want ons vergewe ook ander
mense wat teen ons verkeerd gedoen het. Help ons dat niks sal gebeur wat ons
verkeerd sal laat doen nie."

5 Jesus het vir hulle nog meer geleer oor gebed. Hy het gesê: "Dink aan 'n goeie
vriend van jou, 'n vriend vir wie jy enige iets kan vra. Jy gaan in die middel van die
nag na jou vriend toe en jy vra vir hom: 'My vriend, leen asseblief vir my drie brode,

6 want 'n ander vriend van my het nou skielik by my aangekom. Hy het ver geloop, en
ek het niks wat ek vir hom kan gee om te eet nie.' "

7 Jesus vra toe vir hulle: "Wat dink jy sal jou goeie vriend wat in sy huis is, antwoord?
Sal hy sê: 'Jy moenie vir my pla nie. Ek het al klaar die deur gesluit, en my kinders is
saam met my in die bed. Ek kan nie nou opstaan en vir jou brood gee nie.' Dink julle
hy sal dit sê?

8 Nee, Ek sê vir julle, hy sal dadelik opstaan en vir jou die brood gee. Hy sal opstaan
en vir jou alles gee wat jy nodig het, omdat jy sy vriend is. Hy sal dit vir jou doen
omdat jy sy vriend is. En as hy dit nie dáárom doen nie, dan sal hy dit doen omdat jy
aangehou het om te vra.

9 Daarom sê Ek vir julle: Julle moet aanhou bid, dan sal God vir julle gee. Julle moet
aanhou soek, dan sal God vir julle gee wat julle soek. Julle moet aanhou klop, dan sal
God die deur vir julle oopmaak.

10 Elke mens wat aanhou bid, sal ontvang. Elke mens wat aanhou soek, sal kry. Elke
mens wat aanhou klop, vir hom sal God die deur oopmaak.

11 Wanneer 'n seun vir sy pa 'n vis vra, dan sal sy pa nie vir hom 'n slang gee nie.

12 En wanneer die seun vir sy pa 'n eier vra, dan sal sy pa nie vir hom 'n skerpioen gee
nie.

13 Julle is slegte mense, maar julle weet om goeie dinge vir julle kinders te gee. Julle
Vader in die hemel wil vir julle iets gee wat nog beter is. Hy wil die Heilige Gees uit
die hemel gee vir die mense wat dit vir Hom vra."

Mense sê Beëlsebul help vir Jesus

(Ook Matt 12:22-30; Mark 3:22-27)

14 Jesus was besig om 'n duiwel uit 'n man te jaag. Die duiwel het die man stom
gemaak. Nadat die duiwel uitgegaan het, kon die man weer praat. Al die mense was
verbaas.

15 Maar party mense het gesê: "Beëlsebul, die leier van die duiwels, help vir Jesus om
die duiwels uit te jaag."

16 Ander mense wou vir Jesus toets, hulle wou hê Jesus moet bewys dat Hy van God
kom. Hulle wou hê Hy moet vir hulle 'n wonderteken wys.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Maar Jesus het geweet wat hulle dink, en daarom het Hy vir hulle gesê: “Vyande
sal enige land oorwin waar die mense nie met mekaar kan saamwerk nie. Hulle sal al
die huise afbreek, die een huis ná die ander huis.

18As die Satan teen homself is, dan kan hy niks meer doen nie en hy kan oor
niemand regeer nie. Julle sê Beëlsebul help My om die duiwels uit te jaag.

19En as Beëlsebul My help om duiwels uit te jaag uit mense, wie help vir julle
leerlinge om duiwels uit mense uit te jaag? Julle eie leerlinge bewys dat julle
verkeerd is.

20Dit is die krag van God wat My help om duiwels uit te jaag. Dit bewys dat God die
Koning is wat begin het om oor julle te regeer.

21’n Sterk man wat baie wapens het en wat sy huis goed oppas, sy goed is veilig.

22Maar as ’n ander man wat sterker is, hom aanval en wen, dan vat die sterker man
al die wapens wat die sterk man gedink het sal hom help en beskerm. Dan gee die
sterker man alles wat hy gevat het, vir ander mense.

23Iemand wat nie vir My is nie, is teen My. Iemand wat My nie help om mense na
God toe te bring nie, jaag die mense weg van Hom.”

Slegte mense sal nog slegter word

(Ook Matt 12:43-45)

24“Wanneer ’n onrein gees uit ’n mens uitgaan, dan gaan hy deur plekke waar daar
nie water is nie en hy soek ’n plek waar hy kan woon. As hy nie ’n plek kry waar hy
kan woon nie, dan sê hy: ‘Ek sal teruggaan na my eerste huis, die mens in wie ek
gewoon het.’

25Dan kom die onrein gees terug na daardie mens toe, en hy sien daardie mens is
soos ’n huis wat skoon en netjies is.

26Dan gaan haal hy sewe ander geeste wat nog slegter is as hy. Hulle gaan almal
saam, en hulle gaan woon in daardie mens. Wanneer dit gebeur, dan is daardie mens
nog slegter as wat hy was.”

Wanneer is ’n mens waarlik gelukkig?

27Toe Jesus hierdie dinge sê, het ’n vrou wat tussen die mense was, hard vir Hom
gesê: “Die vrou wat vir U in haar liggaam gedra het, en wat vir U aan haar bors laat
drink het, daardie vrou is baie gelukkig.”

28Maar Jesus het gesê: “Die mense wat waarlik gelukkig is, is die mense wat die
woord van God hoor en doen wat God wil hê.”

Die wonderteken van Jona

(Ook Matt 12:38-42; Mark 8:11-12)

29Meer en meer mense het rondom Jesus kom staan. Jesus het begin praat en Hy het
gesê: “Die slegte mense wat nou lewe, wil ’n wonderteken hê, hulle wil ’n bewys

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

sien. Maar God sal nie vir hulle ’n wonderteken wys nie. Hulle sal net een wonderteken sien, dit is die teken van Jona.

30Jona was ’n teken vir die mense van die stad Nineve, en so sal Ek, die Seun van die mens, ook vir julle ’n teken wees.

31Daardie dag wanneer God die mense sal oordeel, dan sal die koningin van die Suide ook weer lewe en sy sal by die mense wees wat nou lewe. Sy sal sê julle doen verkeerd en julle is skuldig, en God moet julle straf. Sy het baie ver uit haar land gekom om te kom luister na die wysheid van koning Salomo. En Ek sê vir julle, hier is Iemand, en dit is Ek, wat baie belangriker is as koning Salomo.

32Daardie dag wanneer God die mense sal oordeel, sal die mense van die stad Nineve weer lewe en hulle sal by die mense wees wat nou lewe. Toe Jona vir hulle gepreek het, het die mense van Nineve verander en hulle het begin lewe soos God wil hê. Wanneer God die mense sal oordeel, dan sal die mense van Nineve sê dat die mense wat nou lewe, verkeerd doen en skuldig is, en dat God hulle moet straf. En Ek sê vir julle, hier is Iemand, en dit is Ek, wat baie belangriker is as Jona.”

Die lig vir die wêreld

(Ook Matt 5:15; 6:22-23; Mark 4:21)

33Jesus het ook gesê: “Iemand wat ’n lamp opsteek, steek nie die lamp weg in die stoorkamer of maak dit toe met ’n emmer nie. Nee, ’n mens sit die lamp op die plek waar die lamp moet staan sodat almal wat inkom, die lig kan sien.

34Jou oog wys hoe jy is. As jou oog reg kyk en jy sien wanneer mense swaarkry, en jy help hulle, dan is jy vol lig. Maar as jou oog verkeerd kyk en jy sien wanneer mense swaarkry maar jy help hulle nie, dan is daar nie lig in jou nie.

35Daarom moet jy seker maak dat daar altyd lig in jou is, en nie donker nie.

36As jou lewe vol lig is, dan sal jy vol lig wees soos wanneer ’n lamp se lig op jou skyn.”

Jesus praat kwaai met die Fariseërs en die skrifgeleerdes

(Ook Matt 15:1-2; 23:25-26,23,6-7,27-28,4,29-32,34-36,13; Mark 7:1-2,5; 12:38-39; Luk 20:46)

37Toe Jesus klaar gepraat het, het ’n Fariseër Hom uitgenooi om by sy huis te kom eet. Toe Jesus daar kom, het Hy dadelik by die tafel gaan sit.

38Die Fariseër het dit gesien en hy was verbaas omdat Jesus nie eers sy hande gewas het voordat Hy by die tafel gaan sit het nie.

39Die Here het gesien die Fariseër is verbaas, en Hy sê vir hom: “Julle Fariseërs maak ook die buitekant van bekers en borde skoon, maar julle is heeltemal sleg binne-in julleself en julle wil altyd meer en meer goed hê.

40Julle is baie dom. God het nie net julle buitekant gemaak nie, Hy het ook julle binnekant gemaak.

© Bible Society of South Africa.

41Daarom moet julle van die kos wat in julle bekers en op julle borde is, vir die arm
mense gee. As julle dit doen, dan wys julle dat julle binne-in heeltemal rein is.

42Fariseërs, dit sal sleg gaan met julle, want julle gee tiendes, ook van kruisement en wynruit, ja, van elke soort kruie. Maar God wil ook hê julle moet reg doen aan mense en julle moet goed wees vir hulle, maar julle doen dit nie. Julle moet dit doen en julle moenie ophou om tiendes te gee nie.

43Fariseërs, dit sal sleg gaan met julle, want julle wil op die belangrikste plekke in die sinagoges sit, en julle wil hê die ander mense moet julle groet op die plekke in die stad waar die mense bymekaarkom.

44Dit sal sleg gaan met julle, want julle is soos grafte wat ’n mens nie kan sien nie. Mense loop bo-oor die grafte, en hulle weet dit nie en hulle word onrein.”

45Toe kla een van die skrifgeleerdes en hy sê vir Jesus: “Meneer, wanneer U hierdie slegte dinge sê oor die Fariseërs, dan praat U ook sleg van ons, die skrifgeleerdes.”

46En Jesus sê: “Skrifgeleerdes, dit sal met julle ook sleg gaan, want julle wil hê mense moet dinge doen wat vir hulle baie moeilik is. Hulle moet gehoorsaam wees aan die wette wat julle maak, maar julle doen niks om hulle te help nie.

47Dit sal sleg gaan met julle, want julle maak die grafte van die profete mooi, maar dit is julle voorouers wat die profete doodgemaak het.

48Julle voorouers het die profete doodgemaak en julle maak die grafte van die profete mooi. Dit wys julle dink wat julle voorouers gedoen het, is goed en reg.

49En so word dit waar wat God gesê het: ‘Ek sal profete en apostels na my mense toe stuur, maar die mense sal party van die profete en apostels laat swaarkry en die mense sal party van hulle doodmaak.’

50Vandat die wêreld begin het, het mense profete vermoor, en God sal die mense wat nou lewe, daaroor straf.

51Hulle het begin by Abel. Hulle het hom vermoor en hulle het aangehou om profete te vermoor totdat hulle ook die profeet Sagaria vermoor het. Hulle het hom vermoor tussen die altaar en die tempel. Ja, Ek sê vir julle, die mense wat nou lewe, sal swaarkry omdat hulle voorouers die boodskappers van God vermoor het.

52Skrifgeleerdes, dit sal sleg gaan met julle, want julle het die sleutel van die deur weggegooi. Dit is die deur waar julle moet ingaan om God te leer ken. Julle gaan self nie in by daardie deur nie, en julle keer ook die mense wat daar wil ingaan.”

53Die skrifgeleerdes en die Fariseërs was van toe af Jesus se vyande. Toe Hy uit die huis gaan, het hulle Hom oor baie dinge uitgevra.

54Hulle het gewag dat Hy iets verkeerd sê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Lukas 12

Jesus sê ’n mens kan nie die waarheid wegsteek nie

(Ook Matt 16:6; 10:26-27; Mark 8:15)

1Toe Jesus met die Fariseërs en die skrifgeleerdes gepraat het, het daar ander
mense ook gekom. Daar was so baie mense dat hulle mekaar raakgetrap het. Jesus
praat toe eers met sy dissipels. Hy het gesê: “Julle moet oppas vir die Fariseërs, hulle
is vals. Hulle is soos suurdeeg, ’n mens sien nie dat dit werk nie.

2Mense kan probeer om dit weg te steek dat hulle vals is, maar God sal dit vir almal
wys. Mense doen nou dinge in die geheim, maar God sal vir almal sê wat dit is.

3Dieselfde sal gebeur wanneer julle die goeie boodskap oor My vir die mense bring.
Alles wat julle nou oor My in die donker sê omdat julle bang is, sal God vir almal laat
weet wanneer dit lig is. En alles wat julle nou oor My vir iemand in ’n huis saggies
fluister in sy oor, sal God vir almal laat weet. Mense sal dan op die huise se dakke
staan en skree en dit vir almal sê.”

Die dissipels moet vir God bang wees, nie vir mense nie

(Ook Matt 10:28-31)

4“Julle is my vriende. Daarom sê Ek vir julle dat julle nie bang moet wees vir mense
nie. Hulle kan net julle liggame doodmaak. Maar daarna kan hulle niks meer aan julle
doen nie.

5Ek sal vir julle wys vir wie julle bang moet wees. Julle moet net vir God bang wees,
want wanneer julle dood is, dan kan Hy julle in die hel laat brand. Ja, Ek sê vir julle,
julle moet vir Gód bang wees.

6’n Mens kan vyf mossies vir net twee sent verkoop. Hulle is baie goedkoop, maar
God vergeet nie een van daardie klein voëltjies nie.

7Julle is vir God baie belangriker as baie mossies. God weet presies hoeveel hare op
elke mens se kop is. Daarom moet julle nie bang wees vir mense nie.”

Die dissipels moet vir die mense vertel van Jesus

(Ook Matt 10:32-33,19-20; 12:32; Mark 3:29; 13:11; Luk 21:14-15; Joh 14:26)

8Jesus het ook gesê: “Ek sê vir julle, as iemand nie bang is om vir mense te sê hy
behoort aan My nie, dan sal Ek, die Seun van die mens, ook vir God se engele sê
daardie persoon behoort aan My.

9Maar as iemand bang is om vir mense te sê hy behoort aan My, dan sal Ek ook vir
God se engele sê daardie persoon behoort nie aan My nie.

10As iemand iets sê teen My, die Seun van die mens, dan sal God dit vergewe. Maar
as iemand iets sleg sê teen die Heilige Gees, dan sal God dit nie vergewe nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11 En wanneer die mense julle na die Joodse regters in die sinagoges vat of wanneer
hulle julle hof toe vat, na heidense regters toe, dan moet julle nie bekommerd wees
oor wat julle moet antwoord of wat julle moet sê nie.

12 Die Heilige Gees sal vir julle leer wat julle dan moet sê."

Jesus waarsku teen mense wat altyd meer wil hê. Die gelykenis van die ryk dwaas

13 Daar was baie mense, en een van hulle het vir Jesus gesê: "Meneer, my broer erf
baie goed. Sê vir hom hy moet vir my ook daarvan gee."

14 Maar Jesus het vir hom gesê: "Man, Ek het nie gekom om regter oor julle te wees
of om te besluit wat elkeen moet erf nie."

15 Toe sê Jesus vir die mense: "Julle moet oppas, julle moenie meer en meer goed wil
hê nie, want dit maak nie saak hoeveel goed 'n mens het nie, dit is nie belangrik vir
jou lewe nie."

16 Toe vertel Jesus vir hulle 'n gelykenis. Hy het gesê: "Daar was 'n ryk man wat baie
koring afgesny het. Toe hulle die koring begin afsny,

17 het hy met homself gepraat en gesê: 'Wat sal ek doen? Ek het nie genoeg plek
waar ek al die koring kan bêre nie.'

18 Toe sê hy: 'Ek weet wat ek sal doen: Ek sal my stoorkamers afbreek en nuwe
stoorkamers bou wat groter is. Dan sal ek al my koring en ander goed daarin bêre.

19 En dan sal ek vir myself sê ek het nou baie goed wat ek gebêre het vir baie jare wat
kom, nou kan ek lekker gaan rus, ek kan eet en drink en die lewe geniet.'

20 Maar toe het God vir die man gesê: 'Jy is 'n dwaas, jy sal vannag sterf. En al
daardie goed van jou wat jy so veilig weggebêre het, wat sal nou daarvan word?'

21 So gaan dit met 'n mens wat vir homself geld en mooi goed bymekaarmaak op die
aarde, maar nie ryk is by God nie."

Die dissipels moenie bekommerd wees oor hulle lewe nie

(Ook Matt 6:25-34,19-21)

22 Jesus het toe met sy dissipels gepraat en gesê: "Daarom sê Ek vir julle: Julle
moenie bekommerd wees oor hoe julle sal lewe, oor wat julle sal eet nie. En julle
moenie bekommerd wees oor julle liggaam, oor die klere wat julle moet aantrek nie.

23 Die lewe is belangriker as kos en die liggaam is belangriker as klere.

24 Kyk na die kraaie. Hulle saai nie, hulle sny nie koring af nie, en hulle het nie
stoorkamers waar hulle kos en ander goed bêre nie. Maar God gee elke dag vir hulle
kos. En julle is baie belangriker as die voëls.

25 Dit sal niks help as julle bekommerd is nie. Dit sal julle nie langer laat lewe nie, nie
een uur langer nie.

© Bible Society of South Africa.

26As julle nie julle lewe ’n klein bietjie langer kan maak nie, hoekom is julle dan
bekommerd oor al die ander dinge?

27Kyk hoe groei die blomme in die veld. Hulle werk nie hard nie en hulle maak nie
klere nie. Maar Ek sê vir julle, koning Salomo was ryk en hy het mooi klere aangetrek,
maar sy klere was nie so mooi soos een van hierdie blomme nie.

28God maak al die plante in die veld mooi, maar hulle lewe nie lank nie. Hulle groei
vandag, en môre gooi iemand hulle in die vuur. God sal julle baie mooier aantrek en
Hy sal beter vir julle sorg as vir die plante, ook vir julle wat so min glo.

29Julle moenie aanhou dink oor wat julle sal eet of wat julle sal drink nie. Julle
moenie aanhou bekommerd wees oor alles nie,

30want al hierdie dinge is belangrik vir die mense van die wêreld, die mense wat nie
vir God ken nie. Julle Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.

31Nee, dit moet vir julle die belangrikste wees dat God die Koning is. Dan sal Hy al
hierdie ander dinge vir julle gee.

32Julle is min, maar julle moenie bang wees nie, want julle Vader wil graag julle
Koning wees.

33Dit sal beter wees as julle al julle goed verkoop en vir die arm mense sorg. Julle
moet vir julleself beursies maak wat nie oud word nie, julle moet goed hê wat altyd
daar sal wees. Dan sal julle ryk wees, julle sal in die hemel by God goed hê wat nie
opraak nie. Daar kan diewe dit nie steel nie, en motte kan dit nie opvreet nie.

34Die dinge wat in die hemel by God is, moet vir julle die belangrikste wees. Dan sal
julle net dink aan God wat in die hemel is.”

Die slawe wat altyd wakker en gereed is

(Ook Matt 24:43-51; Mark 13:33-37)

35“Julle moet altyd gereed wees, julle lampe moet altyd brand.

36Julle moet wees soos slawe wat wag dat hulle eienaar terugkom van die fees by ’n
bruilof. Wanneer die eienaar kom en aan die deur klop, dan maak die slawe dadelik
die deur vir hom oop.

37Die slawe wat wakker is wanneer die eienaar kom, sal baie gelukkig wees. Ek sê vir
julle, en dit is seker: Die eienaar sal sê hulle moet by die tafel kom sit. Hy sal sy
voorskoot aansit en hy sal hulle bedien.

38Ja, daardie slawe sal waarlik gelukkig wees as hulle gereed is, ook as die eienaar
laat in die nag of baie vroeg in die oggend kom en hy sien sy slawe is wakker.

39Maar ook die eienaar van ’n huis moet wakker en gereed wees, want as hy weet
presies hoe laat die dief kom, dan sal hy seker maak dat die dief nie by sy huis kan
inbreek nie.

© Bible Society of South Africa.

40Julle moet ook altyd gereed wees, want Ek, die Seun van die mens, sal kom
wanneer julle dit nie verwag nie."

41Petrus het gevra: "Here, vir wie vertel U hierdie gelykenis? Vertel U dit vir óns of
vir al die mense?"

42Toe sê die Here: "Ek wil vir jou vertel hoe is 'n bestuurder wat verstandig is en
doen wat sy eienaar wil hê. Die eienaar kies een van sy slawe en stel hom aan om
bestuurder te wees van al die ander slawe. Hy moet ook elke dag vir hulle kos gee.

43Wanneer die eienaar terugkom en hy sien sy slaaf is besig om alles te doen wat die
eienaar vir hom gesê het, dan sal daardie slaaf baie gelukkig wees.

44Ek sê vir julle, en dit is seker: Die eienaar sal daardie slaaf die hoof maak wat vir al
die goed van sy eienaar moet sorg.

45Maar 'n slaaf sal miskien dink sy eienaar bly baie lank weg en sal miskien nie weer
terugkom nie. En dan begin die slaaf die ander slawe slaan en hy begin eet en drink
en dronk word.

46En eendag wanneer die slaaf dit nie verwag nie, kom die eienaar skielik terug. Dan
sal die eienaar daardie slaaf baie swaar straf, hy sal hom straf soos God mense straf
wat nie doen wat Hy wil hê nie.

47Daar is slawe wat presies weet wat hulle eienaar wil hê, maar hulle doen dit nie en
hulle is nie altyd gereed nie. Die eienaar sal hierdie slawe swaar straf.

48Maar daar is ook slawe wat nie goed weet wat hulle eienaar wil hê nie. As hulle
doen wat verkeerd is, dan sal die eienaar hulle nie swaar straf nie. 'n Eienaar wat vir
'n slaaf baie gegee het, wil baie kry wanneer hy terugkom, en as die eienaar gesê het
die slaaf moet iets doen, dan wil hy hê die slaaf moet baie meer doen. Dit wil God
ook van julle hê."

Jesus laat mense twis met mekaar

(Ook Matt 10:34-36)

49"Ek het gekom om vuur op die aarde te gooi, en Ek wens die vuur het al klaar begin
brand.

50God sal My baie swaar laat kry, en Ek sal bekommerd en bang bly totdat dit gebeur
het.

51Dink julle Ek het gekom om vrede te bring op die aarde? Nee, Ek sê vir julle: Ek het
gekom, en nou twis mense met mekaar.

52Van nou af sal daar vyf mense in een huis wees wat twis, drie mense teen twee, en
twee mense teen drie.

© Bible Society of South Africa.

53’n Pa sal twis met sy seun, en ’n seun sal twis met sy pa. ’n Ma sal twis met haar dogter, en ’n dogter sal twis met haar ma. ’n Skoonma sal twis met haar skoondogter, en ’n skoondogter sal twis met haar skoonma.”

Mense moet verstaan wat gebeur en hulle moet vrede maak met God

(Ook Matt 16:2-3; 5:25-26)

54Toe sê Jesus ook vir die mense: “Wanneer julle ’n wolk in die weste sien, dan sê julle dadelik: ‘Dit sal reën.’ En julle is reg, dit gebeur.

55En wanneer julle sien die suidewind waai, dan sê julle: ‘Dit sal vandag baie warm wees.’ En dit gebeur ook so.

56Julle skynheiliges, julle verstaan goed wat in die natuur gebeur, maar julle verstaan nie die dinge wat nou gebeur nie.

57Julle weet goed wat die regte ding is om te doen. Hoekom doen julle dit nie?

58Wanneer iemand jou hof toe vat, en julle loop hof toe, dan moet jy alles doen wat jy kan om vrede te maak met die een wat jou hof toe vat. As jy dit nie doen nie, dan sal hy jou vat tot by die regter, en die regter sal sê die polisie moet jou in die tronk toesluit.

59Ek sê vir jou, jy sal nie uit die tronk uitkom nie. Jy sal eers alles moet betaal wat jy skuld.”

Lukas 13

Mense moet lewe soos God wil hê

1Toe Jesus vir die mense gesê het dit is belangrik dat hulle moet lewe soos God wil hê, het party van hulle vir Hom vertel dat Pilatus ’n klomp mense in Galilea laat doodmaak het terwyl hulle offers gebring het vir God.

2Jesus het vir hulle gevra: “Hoekom het hierdie mense van Galilea so wreed gesterf? Dink julle hulle het meer sonde gedoen as al die ander mense in Galilea?

3Nee, Ek sê vir julle: Hulle het nie meer sonde gedoen as die ander mense nie. Maar as julle nie verander en lewe soos God wil hê nie, dan sal julle ook sterf.

4En onthou julle daardie 18 mense wat almal gesterf het toe die toring van Siloam op hulle geval het? Dink julle hulle het meer verkeerd gedoen as al die ander mense wat in Jerusalem woon?

5Nee, Ek sê vir julle: Hulle het nie meer verkeerd gedoen nie. Maar as julle nie verander en lewe soos God wil hê nie, dan sal julle ook sterf.”

Die gelykenis van die vyeboom wat nie vye gedra het nie

© Bible Society of South Africa.

6Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis. Hy het gesê: “Iemand het ’n vyeboom
gehad wat in sy wingerd gegroei het. Hy het gaan kyk of daar vye aan die boom is
maar hy het niks vye gekry nie.

7Die man sê toe vir die man wat in die wingerd werk: ‘Dit is nou die derde jaar dat ek
kom kyk of daar vye aan die boom is, maar elke jaar kry ek niks. Jy moet nou hierdie
vyeboom uitkap, want dit maak net die grond droog.’

8Toe sê die man wat in die wingerd werk: ‘Meneer, laat die vyeboom nog hierdie jaar
staan. Ek sal die grond rondom die boom omspit en ek sal dit mis gee.

9En as die boom volgende jaar vye dra, dan is dit goed. Maar as daar weer niks vye is
nie, dan kan jy die boom uitkap.’ ”

Jesus maak op die Sabbatdag ’n vrou gesond

10Jesus was op die Sabbatdag besig om die mense te leer in die sinagoge.

11Daar was ’n vrou wat gebreklik was, ’n onrein gees het haar 18 jaar lank gebreklik
gemaak. Sy het krom geloop en sy kon nie regop staan nie.

12Toe Jesus haar sien, het Hy haar geroep en vir haar gesê: “Mevrou, God maak jou
gesond.”

13Toe sit Jesus sy hande op haar, en sy het dadelik regop geloop en begin om God te
prys.

14Die leier van die sinagoge was baie ontevrede omdat Jesus iemand op die
Sabbatdag gesond gemaak het. Die leier het vir die mense gesê: “Daar is ses dae
wanneer ’n mens moet werk. Julle kan op daardie dae kom as julle gesond wil word.
Julle moenie op die Sabbatdag kom nie.”

15Maar die Here het vir hom gesê: “Julle is skynheilig. Elkeen van julle maak op die
Sabbatdag sy bees of donkie los waar hy by die krip staan en vreet, en julle lei hom
weg sodat hy kan water drink.

16Dit is dieselfde met hierdie vrou. Sy is een van ons, ’n Israeliet. En onthou,
die Satan het haar 18 jaar lank vasgebind. Is dit dan verkeerd om haar op die
Sabbatdag los te maak?”

17Toe Jesus dit sê, het sy vyande nie geweet wat om te antwoord nie. Maar al die
ander mense was baie bly oor al die wonderlike dinge wat Jesus gedoen het.

Die gelykenis van die mosterd-saad en die suurdeeg

(Ook Matt 13:31-33; Mark 4:30-32)

18Jesus het ook gesê: “Weet julle hoe dit is wanneer God Koning is? Ek sal dit vir julle
so verduidelik.

19Dit is soos ’n mosterd-saad wat iemand in sy tuin plant. Die saad groei en dit word
’n boom, en die voëls maak hulle neste in sy takke.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20-21Toe praat Jesus weer. Hy het gesê: “Ek sal probeer om dit vir julle ook só te
verduidelik: Wanneer God Koning is, dan is dit soos ’n vrou wat ’n klein
stukkie suurdeeg neem en dit meng met drie sea meel. Die meel word dan deeg, en
die suurdeeg laat al die deeg rys en groter word.”

Die klein deurtjie

(Ook Matt 7:13-14,22-23; 8:11; 19:30; Mark 10:31)

22Jesus het deur baie stede en dorpies geloop toe Hy na Jerusalem gegaan het. Oral
waar Hy gekom het, het Hy vir die mense geleer.

23Iemand het vir Hom gevra: “Here, sal God net ’n paar mense red?” Jesus sê toe:

24“Julle moet hard probeer om by die klein deurtjie in te gaan, want Ek sê vir julle:
Baie mense sal die deur soek om in te gaan, maar hulle sal dit nie kry nie.

25Die tyd sal kom wanneer die eienaar van die huis sal opstaan en die deur sal
toesluit. Dan sal julle buite staan en begin klop aan die deur. Julle sal sê: ‘Meneer,
maak oop die deur vir ons.’ Maar die eienaar sal vir julle sê: ‘Ek ken julle nie, ek weet
nie van waar julle kom nie.’

26En dan sal julle sê: ‘Maar ons het saam met jou by die tafel gesit en geëet en
gedrink, en jy het vir die mense in ons strate geleer.’

27Maar die eienaar sal vir julle sê: ‘Ek ken julle nie, ek weet nie van waar julle kom
nie. Julle almal moet weggaan van my, julle het gedoen wat verkeerd is.’

28By die plek waarnatoe julle gaan, sal die mense huil en hard op hulle tande byt van
die pyn. Julle sal vir Abraham, Isak en Jakob en al die profete sien daar waar God
Koning is, maar God sal julle uitgooi buitetoe.

29Die mense sal van die ooste en die weste kom, en van die noorde en die suide, en
hulle sal saam met God eet daar waar Hy Koning is.

30Julle moet dit goed verstaan: Baie mense wat nou onbelangrik is, sal dan belangrik
wees, en mense wat nou belangrik is, sal dan onbelangrik wees.”

Jesus kla oor Jerusalem

(Ook Matt 23:37-39)

31Toe kom party van die Fariseërs by Jesus en hulle sê vir Hom: “Dit sal beter wees
as U weggaan van hier, want koning Herodes wil U doodmaak.”

32Jesus sê toe vir hulle: “Gaan sê vir daardie man hy is onbelangrik. My werk is nou
om duiwels uit mense te jaag en mense gesond te maak. Ek sal my werk klaarmaak
wanneer Ek wil.

33Ek weet Ek móét later na Jerusalem gaan, want Jerusalem is die plek waar die
mense nog altyd God se profete doodgemaak het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

34Mense van Jerusalem, julle maak die profete dood, julle gooi die boodskappers van God met klippe dood. Ek wou julle baie maal bymekaarmaak soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie kom nie.

35Julle moet nou goed luister: Daar sal niemand in Jerusalem oorbly wat lewe nie. Ek sê vir julle: Julle sal My nie weer sien nie tot daardie dag wanneer julle sal sê: ‘Prys die Man wat kom, die Here het Hom gestuur om sy werk te kom doen.’ ”

Lukas 14

Jesus maak ’n man gesond van watersiekte

1Jesus het by een van die leiers van die Fariseërs gaan eet. Dit was op die Sabbatdag. Die Fariseërs het goed gekyk wat Jesus alles doen.

2Jesus het ’n man gesien wat watersiekte gehad het en opgeswel was.

3Jesus vra toe vir die skrifgeleerdes en Fariseërs: “Mag ’n mens op die Sabbatdag iemand gesond maak of nie?”

4Maar hulle het stilgebly. Toe raak Jesus aan die man, Hy maak hom gesond en stuur hom weg.

5Jesus sê toe vir die Fariseërs en skrifgeleerdes: “As een van julle se seun of sy bees in ’n gat val, wat sal jy doen? Jy sal hom dadelik uithaal, ook op die Sabbatdag.”

6En hulle kon nie vir Jesus antwoord nie.

Gelykenisse oor etes

7Jesus het gesien die mense wil graag die belangrikste sitplekke by die tafel hê, die plekke naby die eienaar van die huis. Toe vertel Jesus vir die mense by die ete ’n gelykenis. Hy het gesê:

8“As iemand jou uitnooi na ’n ete by ’n troue, dan moet jy nie op een van die belangrike plekke gaan sit nie. Miskien het die bruidegom iemand genooi wat belangriker is as jy.

9Dan sal die bruidegom kom en vir jou sê: ‘Jy moet asseblief opstaan en jy moet jou plek vir daardie persoon gee.’ Jy sal baie skaam word wanneer jy moet opstaan en op ’n plek moet gaan sit wat ver weg is van die bruidegom.

10Wanneer iemand jou uitnooi, dan moet jy gaan sit op die plek wat die minste belangrik is. Dan kan die bruidegom vir jou sê: ‘My vriend, kom sit nader by my.’ En dan sal al die mense sien hoe belangrik jy is.

11God sal elkeen verneder wat dink hy is belangrik, en Hy sal elkeen wat nederig is, belangrik maak.”

12Jesus het ook vir die man wat Hom uitgenooi het, gesê: “Wanneer jy mense uitnooi na ’n middag-ete of ’n aand-ete, dan moet jy nie jou vriende uitnooi nie, ook nie jou

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

broers of jou familie of ryk bure nie, want hulle sal jou miskien ook weer uitnooi om by hulle te kom eet, en so betaal hulle jou terug.

13Maar wanneer jy mense na ’n ete uitnooi, dan moet jy die arm mense uitnooi, en die kreupeles, die verlamdes en die blindes.

14Dan sal die Here jou seën, want hierdie mense het niks, hulle kan jou nie terugbetaal nie. Maar die Hére sal jou eendag terugbetaal wanneer al die mense wat reg gedoen het, weer begin lewe.”

Die gelykenis van die groot fees-ete

(Ook Matt 22:1-10)

15Een van die mense wat saam met Jesus geëet het, het gehoor wat Jesus sê oor die mense wat weer sal lewe. Hy sê toe vir Jesus: “Iemand wat eendag by die tafel sal sit waar God Koning is, sal ’n gelukkige mens wees.”

16Maar Jesus het vir hom gesê: “Daar was ’n man wat baie mense genooi het na ’n ete.

17Toe dit tyd word om te begin eet, stuur hy sy slaaf om vir almal wat hy genooi het, te sê: ‘Julle moet nou kom, alles is klaar, ons kan begin eet.’

18Maar die mense wat uitgenooi was, het almal gesê hulle is jammer, hulle kan nie kom nie. Een man het vir die slaaf gesê: ‘Ek het ’n stuk grond gekoop en ek moet daarna gaan kyk. Ek vra vir jou, verskoon my asseblief.’

19’n Ander man het gesê: ‘Ek het vyf paar beeste gekoop en ek gaan nou kyk hoe goed hulle kan werk. Ek vra vir jou, verskoon my asseblief.’

20’n Ander man het gesê: ‘Ek het getrou en daarom kan ek nie kom nie.’

21Die slaaf het teruggegaan en hy het vir sy eienaar alles vertel wat die mense gesê het. Die eienaar het kwaad geword en hy het vir sy slaaf gesê: ‘Gaan nou na die strate en smal paadjies van die stad, en bring die arm mense, die kreupeles, die blindes en die verlamdes hiernatoe.’

22Die slaaf het dit gedoen en hy het vir die eienaar gesê: ‘Meneer, ek het gedoen wat jy gesê het, en daar is nog plek in die huis.’

23Die eienaar sê toe vir die slaaf: ‘Gaan na die hoofpaaie en die klein paadjies en sê vir die mense hulle móét na my fees kom, sodat my huis vol kan wees.

24Ek sê vir julle, nie één van daardie mense wat ek eerste genooi het, sal van my kos kry nie.’ ”

Hoe moet ’n dissipel van Jesus lewe?

(Ook Matt 10:37-38; 5:13; Mark 9:49-50)

25Daar was baie mense wat saam met Jesus na Jerusalem gegaan het. Jesus draai toe om en Hy sê vir hulle:

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26"As iemand na My toe kom en hy is minder lief vir My as vir sy pa en ma en vrou en kinders en broers en susters en vir homself, dan kan hy nie my dissipel wees nie.

27As iemand saam met My wil kom, dan moet hy lewe soos iemand wat weet hy sal aan 'n kruis hang en sterf. As hy dit nie wil doen nie, dan kan hy nie my dissipel wees nie.

28'n Mens moet voor die tyd weet hoeveel iets gaan kos. 'n Man wat 'n wagtoring wil bou, moet eers gaan sit en dink hoeveel dit sal kos, hy moet kyk of hy genoeg geld het om dit klaar te bou.

29As hy nie genoeg geld het nie, dan sal hy net die fondament kan bou, hy sal nie die toring kan klaar bou nie. Almal wat dit sien, sal hom spot

30en sê: 'Hierdie man het begin om iets te bou, maar hy kon dit nie klaarmaak nie.'

31'n Koning wat teen 'n ander koning wil oorlog maak, moet eers planne maak en vir homself vra: 'Sal ek met my 10 000 soldate kan veg teen 'n koning wat 20 000 soldate het?'

32As die koning besluit hy kan nie, dan stuur hy van sy manne terwyl die ander koning nog ver is, en hy probeer vrede maak.

33So is dit ook met julle. As iemand vashou aan al sy goed, en hy wil nie sê mense kan alles vat nie, dan kan hy nie my dissipel wees nie.

34Sout is goed, maar as die sout nie meer soos sout smaak nie, dan kan niemand dit weer soos sout laat smaak nie.

35'n Mens kan niks daarmee doen nie. Jy kan dit ook nie op die koringlande of op 'n mishoop gooi nie. Jy kan dit net buite op die straat gooi. As iemand verstaan wat Ek sê, dan moet hy doen wat Ek sê."

Lukas 15

Die gelykenis van die skaap wat weggeraak het

(Ook Matt 18:12-14)

1Al die tollenaars en sondaars het na Jesus toe gekom om na Hom te luister.

2Maar die Fariseërs en skrifgeleerdes het begin kla en hulle het gesê: "Hierdie man kuier by sondaars en hy eet saam met hulle."

3Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis:

4"As daar 'n man by julle is wat 100 skape het, en een van die skape raak weg, wat doen die man? Hy los die 99 skape in die veld en hy gaan soek die skaap wat weggeraak het totdat hy dit kry.

5En as die man die skaap kry, dan is hy baie bly en hy tel dit op sy skouers.

© Bible Society of South Africa.

6Wanneer hy by die huis kom, dan roep hy sy vriende en bure en sê vir hulle: ‘Julle
moet saam met my bly wees, want ek het my skaap gekry wat weg was.’

7Ek sê vir julle, so sal almal in die hemel bly wees wanneer een sondaar verander en
doen wat die Here wil hê. Hulle sal blyer wees oor hierdie één sondaar as oor 99
mense wat dink hulle lewe reg en dink dit is nie nodig om te verander nie.”

Die gelykenis van die geldstuk wat weggeraak het

8“En as daar ’n vrou is wat tien geldstukke het en sy verloor een, wat doen sy? Sy
maak lig met ’n lamp, sy vee die huis uit en soek oral totdat sy dit kry.

9As sy die geldstuk kry, roep sy haar vriendinne en bure bymekaar en sê: ‘Julle moet
saam met my bly wees, want ek het die geldstuk gekry wat ek verloor het.’

10Ek sê vir julle, so sal die engele van God bly wees oor een sondaar wat verander en
doen wat God wil hê.”

Die gelykenis van die seun wat weggegaan en teruggekom het

11Jesus het ook gesê: “’n Man het twee seuns gehad.

12Die jongste seun het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee vir my die goed wat ek van Pa
moet erf.’ Die pa het toe vir elke seun gegee wat hy moet kry.

13Kort daarna het die jongste seun al sy goed verkoop en hy het van die huis
weggegaan na ’n ver land. Daar het hy wild gelewe en hy het sy geld uitgemors.

14Toe hy al sy geld uitgemors het, het daar ’n groot hongersnood in daardie land
gekom. Die seun het begin swaarkry.

15Toe gaan werk hy by een van die mense van daardie land. Die man het hom
gestuur om sy varke in die veld te laat wei.

16Die seun het gewens hy kan saam met die varke eet van die peule sodat hy nie
meer honger is nie, maar niemand het dit vir hom gegee nie.

17Hy het toe ernstig begin dink oor sy lewe en hy het vir homself gesê: ‘My pa het
baie mense wat vir hom werk, en hulle het almal genoeg kos. Maar ek? Hier sit ek en
ek gaan amper dood van die honger.

18Ek sal opstaan en na my pa toe gaan en ek sal vir hom sê: Pa, ek het sonde gedoen
teen God en teen jou.

19Ek is nie meer goed genoeg om jou seun te wees nie. Kan ek een van die mense
wees wat vir jou werk?’

20Hy het toe opgestaan en hy het na sy pa toe gegaan. Toe hy nog ver weg was, het
sy pa hom gesien en sy pa was baie jammer vir hom. Hy het na sy seun toe
gehardloop en hy het sy arms om sy seun se nek gesit en hom gesoen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

21Toe sê die seun vir sy pa: ‘Pa, ek het sonde gedoen teen God en teen jou. Ek is nie meer goed genoeg om jou seun te wees nie.’

22Maar sy pa het vir die slawe gesê: ‘Bring gou die beste klere en trek dit vir hom aan. Sit ’n ring aan sy vinger en trek vir hom sandale aan.

23Bring die kalf wat ek vetgemaak het en slag dit, sodat ons kan eet en vrolik wees.

24Want hierdie seun van my was dood en hy lewe weer, hy was weg en ons het hom weer gekry.’ Hulle het toe begin om vrolik fees te vier.

25Die oudste seun was in die veld. Toe hy later naby die huis kom, hoor hy die mense maak musiek en hulle dans.

26Hy roep toe een van die slawe en vra vir hom wat by die huis gebeur.

27Die slaaf het gesê: ‘Jou broer is hier, en jou pa is bly hy het jou broer gesond teruggekry. Daarom het hy die kalf geslag wat hy vetgemaak het.’

28Toe word die oudste seun baie kwaad en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa het uitgekom en hy het vir die seun gesoebat om in te gaan.

29Hy het vir sy pa gesê: ‘Luister, Pa, ek werk al so baie jare vir jou en ek was nog altyd gehoorsaam, maar jy het nooit vir my ’n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie.

30Maar hierdie seun van jou het al jou goed by prostitute uitgemors, en toe hy hier aankom, toe slag jy vir hóm die kalf wat jy vetgemaak het!’

31Die pa sê toe vir die oudste seun: ‘My kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is joune.

32Ons móét vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en hy lewe weer, hy was weg en ons het hom weer gekry.’ ”

Lukas 16

Die gelykenis van die skelm bestuurder

1Jesus het vir die dissipels gesê: “’n Ryk man het ’n bestuurder gehad wat gekyk het dat dit goed gaan met sy geld en sy besigheid. Maar die werkers het vir die ryk man gaan vertel dat die bestuurder die ryk man se geld mors.

2Toe roep die ryk man sy bestuurder en hy sê vir hom: ‘Ek hoor slegte stories oor jou. Bring al die boeke vir my sodat ek kan sien wat jy gedoen het. As die stories waar is, dan kan jy nie meer my bestuurder wees nie.’

3Die bestuurder het toe gedink: Wat sal ek doen? Ek dink my hoof gaan my wegjaag. Ek kan nie goed werk met my hande nie, en ek is te skaam om te bedel.

© Bible Society of South Africa.

4Ek weet wat ek sal doen sodat mense my na hulle huise sal uitnooi nadat die hoof
my weggejaag het.

5Toe het die bestuurder al die mense laat roep wat vir sy hoof iets skuld. Hy het vir
die eerste man gevra: 'Hoeveel skuld jy vir my hoof?'

6Die man het geantwoord: 'Ek skuld 100 vate olyf-olie.' Die bestuurder sê toe:
'Neem jou rekening en verander dit gou na 50 vate.'

7Daarna het die bestuurder vir 'n ander man gevra: 'En jy, hoeveel skuld jy?' Die man
het geantwoord: 'Ek skuld 100 sakke koring.' Die bestuurder het gesê: 'Neem jou
rekening en verander dit na 80 sakke.'

8Toe die hoof dit hoor, het hy gesê die bestuurder het 'n slim ding gedoen. Hy het
gesê die skelm mense in die wêreld weet beter hoe hulle vir mekaar moet sorg. Hulle
weet dit beter as die mense wat vir God dien."

9Toe sê Jesus vir sy dissipels: "Ek sê vir julle, die mense van die wêreld gebruik baie
maal hulle geld en hulle goed verkeerd, maar julle moet julle geld en julle goed reg
gebruik, julle moet ander mense help. Dan sal julle welkom wees in God se ewige
huis wanneer die aarde se tyd verby is en mense nie meer iets sal hê nie.

10Iemand wat goed werk met iets wat nie kosbaar is nie, sal ook goed werk met die
dinge wat kosbaar is, die dinge wat God gee. Maar iemand wat sleg werk met iets
wat nie kosbaar is nie, sal ook sleg werk met die dinge wat kosbaar is, die dinge wat
God gee.

11As julle die geld en goed verkeerd gebruik wat God in hierdie wêreld gee, dan sal
God nie vir julle dinge gee wat kosbaar is nie.

12En as julle nie reg werk met ander mense se goed nie, dan sal God ook nie vir julle
iets gee wat aan julle kan behoort nie.

13'n Werker kan nie vir twee persone werk nie, want hy sal niks hou van die een
persoon nie en hy sal baie hou van die ander persoon, óf hy sal hard werk vir die een
persoon en hy sal niks wil doen vir die ander persoon nie. Julle kan nie vir God dien
en óók dink geld en goed is ook so belangrik soos Hy nie."

Die boeke van Moses, en God wat Koning is

(Ook Matt 11:12-13; 5:18,32; 19:9; Mark 10:11-12)

14Toe die Fariseërs al hierdie dinge hoor, het hulle vir Jesus uitgelag, want hulle was
baie lief vir geld.

15En Jesus het vir die Fariseërs gesê: "Wanneer die mense julle kan sien, dan maak
julle of julle baie goed is, maar God ken julle harte. Party dinge wat vir mense
wonderlik is, is dinge waarvan God niks hou nie.

16Die boeke van Moses en die boeke van die profete van die Ou Testament was
belangrik totdat Johannes die Doper gekom het. Maar vandat Johannes die Doper

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

gekom het, het Ek, Jesus, die goeie boodskap gebring dat God Koning is. En elkeen probeer baie hard om te wees by God wat Koning is.

17Maar julle moet onthou, die hemel en die aarde sal makliker verdwyn as een letter-strepie van die boeke van Moses.

18Daarom, wanneer iemand skei van sy vrou en met ’n ander vrou trou, dan pleeg hy egbreuk. En iemand wat met ’n geskeide vrou trou, pleeg egbreuk.”

Die gelykenis van die ryk man en Lasarus

19“Daar was ’n ryk man wat pragtige klere gedra het. Hy het elke dag die beste dinge in die wêreld geniet.

20Maar by sy hek het daar ’n arm bedelaar gelê. Sy naam was Lasarus. Hy was vol sere.

21Lasarus het gewens hy kan eet van die kos wat van die ryk man se tafel afval. Die honde het altyd gekom en hulle het Lasarus se sere gelek.

22Toe het die arm bedelaar gesterf, en die engele het hom weggedra om by Abraham te wees. Die ryk man het ook gesterf, en hulle het hom begrawe.

23Toe die ryk man wakker word in die doderyk, het hy baie pyn gehad. Hy het daar ver vir Lasarus by Abraham gesien.

24Die ryk man roep toe en sê: ‘ Vader Abraham, jy moet asseblief jammer wees vir my en jy moet vir Lasarus stuur sodat hy die punt van sy vinger met water kan natmaak en my tong kan koud maak, want ek het baie pyn in hierdie vuur.’

25Toe sê Abraham: ‘Kind, jy moet onthou dat jy in jou lewe op die aarde al die lekker dinge gehad het. Lasarus het die slegte dinge gehad. Nou troos God hier vir Lasarus, maar jy het pyn.

26En daar is ook ’n diep kloof tussen ons en julle. Die mense wat hier is, kan nie na julle toe gaan nie. En die mense daar by julle kan ook nie na ons toe kom nie.’

27Die ryk man het gesê: ‘Ek vra mooi, stuur dan asseblief vir Lasarus na my pa se huis,

28want ek het vyf broers. Hy moet hulle waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyn kom nie.’

29Toe sê Abraham vir die ryk man: ‘Jou broers het die boeke van Moses en die boeke van die profete, jou broers moet na húlle luister.’

30Maar die ryk man het geantwoord: ‘Nee, vader Abraham, as een van die mense wat dood is, na my broers toe gaan, dan sal hulle verander en doen wat God wil hê.’

31Maar Abraham het gesê: ‘As hulle nie doen wat die boeke van Moses en die profete sê nie, dan sal hulle ook nooit luister na iemand wat weer begin lewe het nie.’ ”

© Bible Society of South Africa.

Lukas 17

Jesus praat oor verskillende dinge

(Ook Matt 18:6-7,15,21-22; 17:19-21; Mark 9:42,28-29)

1Jesus het toe vir sy dissipels gesê: “Daar sal altyd iemand wees wat probeer
om gelowiges te laat ophou glo. Maar dit sal sleg gaan met die mens wat gelowiges
wil laat ophou glo.

2As hy iemand laat ophou glo, iemand wat nie sterk glo nie, dan sal dit baie sleg gaan
met hom. Dit sal vir hom beter wees as hulle ’n baie groot klip om sy nek vasmaak en
hom in die see gooi.

3Julle moet mekaar goed oppas. As ’n ander gelowige sonde doen, dan moet jy met
hom praat, en as hy sê hy is jammer, dan moet jy hom vergewe.

4En as hy sewe maal op ’n dag sonde doen teen jou en sewe maal na jou toe kom en
sê: ‘Ek is jammer,’ dan moet jy hom vergewe.”

5Die apostels het vir die Here gesê: “Help ons asseblief om sterker te glo.”

6Toe het die Here gesê: “As julle ’n bietjie geloof het, so klein soos ’n mosterd-
saadjie, dan sal julle vir hierdie moerbeiboom kan sê: ‘Trek jouself uit die grond en
plant jouself in die see.’ Dan sal die boom doen wat julle sê.

7As een van julle ’n slaaf het wat ploeg of skape oppas, en hy kom in die aand van
die veld af by die huis, wat sal jy vir hom sê? Sal jy vir hom sê: ‘Kom eet jy eerste’?

8Nee, jy sal vir hom sê: ‘Maak vir my aand-ete en bedien my, soos ’n goeie slaaf dit
moet doen, totdat ek klaar geëet en gedrink het. Daarna kan jy eet.’

9Jy sê nie vir die slaaf dankie nie, want hy het gedoen wat hy móét doen.”

10Jesus sê toe vir sy dissipels: “Julle is ook soos slawe. Wanneer julle doen wat Ek vir
julle gesê het om te doen, dan moet julle sê: ‘Ons het gedoen wat ons móét doen,
ons dink nie dat die Here ons daarvoor moet beloon nie.’ ”

Jesus maak tien melaatse mans gesond

11Jesus was nog op pad na Jerusalem. Hy was op die grens tussen Samaria en Galilea.

12Toe Hy by ’n dorpie wou ingaan, kom daar tien melaatse mans na Hom toe. Hulle
het gaan staan voordat hulle naby Hom was

13en hulle het hard geroep: “Jesus, Meneer, U moet asseblief jammer wees vir ons
en U moet ons help.”

14Jesus het hulle gesien en Hy het vir hulle gesê: “Gaan wys julleself vir
die priesters.” Toe hulle weggaan, het hulle gesond geword. God het hulle rein
gemaak.

© Bible Society of South Africa.

15Hulle het gesien hulle is gesond, maar net een van hulle het omgedraai en God geprys, so hard dat baie mense dit kon hoor.

16Hy het by die voete van Jesus gekniel met sy gesig teen die grond en hy het vir Jesus dankie gesê. Hy was ’n Samaritaan.

17Jesus was verbaas en Hy sê toe: “God het tien melaatse mans gesond gemaak. Waar is die ander nege?

18Het hulle nie ook dankbaar gevoel en teruggekom om God te prys nie? Hierdie man is nie ’n Jood nie, maar hy alleen het dankbaar gevoel.”

19Jesus het vir die Samaritaanse man gesê: “Staan op en gaan huis toe. Jy het geglo, en daarom het God jou gered.”

Hoe sal dit wees wanneer die Seun van die mens weer kom?

(Ook Matt 24:23,26-27,37-39,17-18; 10:39; 24:40-41,28; Mark 13:19,21,15-16)

20Die Fariseërs het vir Jesus gevra: “Wanneer sal almal weet dat God Koning is?” Jesus het vir hulle gesê: “’n Mens kan nie voor die tyd uitvind wanneer dit sal gebeur nie.

21Mense sal nie kan sê: ‘Kom kyk hier,’ of ‘Gaan kyk daar, dan sal julle sien God is Koning’ nie. Nee, julle kan nou sien God is Koning, want Ek is by julle en Ek doen die werk van God.”

22Toe praat Jesus met die dissipels en Hy sê: “Daar sal ’n tyd kom wanneer julle sal wens dat julle net een maal kan sien die Seun van die mens is Koning, maar julle sal dit nie sien nie.

23Ja, die mense sal vir julle sê: ‘Gaan kyk daar’ of ‘Kom kyk hier.’ Maar julle moenie gaan nie, julle moenie saam met hulle gaan nie.

24Wanneer die Seun van die mens kom, dan sal dit wees soos wanneer ’n weerligstraal alles lig maak, van die een kant van die lug tot by die ander kant.

25Maar Ek, die Seun van die mens, moet eers baie swaar kry, en die mense wat nou lewe, moet eers weier om My te aanvaar.

26Wanneer die Seun van die mens kom, dan sal dit wees soos in die tyd toe Noag gelewe het.

27 In daardie tyd het die mense aangehou om te eet en te drink en te trou en hulle kinders te laat trou tot die dag toe Noag in die ark ingegaan het. Toe het die watervloed gekom en alles verwoes.

28In die tyd toe Lot gelewe het, was dit ook so. Die mense het geëet, gedrink, gekoop, verkoop, geplant en gebou.

29Maar die dag toe Lot uit Sodom weggegaan het, het daar vuur en swael uit die hemel gereën en dit het alles verwoes.

© Bible Society of South Africa.

30So sal dit ook wees die dag wanneer God vir die mense sal wys wie is die Seun van die mens.

31As iemand daardie dag op sy huis se dak sit, dan moet hy nie afkom om sy goed in die huis te red nie. So ook, as daar iemand in die koringland is, dan moet hy nie omdraai nie.

32Julle moet onthou wat met Lot se vrou gebeur het.

33Elkeen wat daardie dag sy eie lewe probeer red, sal dit verloor, maar elkeen wat daardie dag sy lewe verloor, sal dit red.

34Ek sê vir julle, daardie nag sal twee mense op een bed slaap, en God sal die een mens kies en nie die ander een nie.

35Daar sal twee vroue wees wat op dieselfde plek koring maal, en God sal een vrou kies maar nie die ander een nie."

36

37Die dissipels vra toe vir Jesus: "Here, waar sal dit alles gebeur?" Jesus het vir hulle gesê: "Mense sal dit weet, soos hulle weet 'n dooie liggaam is daar waar aasvoëls bymekaarkom."

Lukas 18

Die gelykenis van die weduwee en die regter

1Jesus het toe vir die dissipels 'n gelykenis vertel. Hy wou hê hulle moet verstaan dat 'n mens moet aanhou bid en nie moedeloos moet word nie.

2Hy het gesê: "In 'n stad was daar 'n regter wat nie bang was vir God nie. Mense was ook nie vir hom belangrik nie.

3In dieselfde stad was daar 'n weduwee. Sy het na die regter toe gegaan en vir hom gesê: 'Daar is iemand wat nie reg doen aan my nie. Jy moet my asseblief help.'

4Die regter wou haar nooit help nie, maar ná 'n lang tyd het hy gedink: Ek is nie bang vir God nie en mense is nie vir my belangrik nie.

5Maar ek sal die weduwee help, want sy is lastig en sy sal my nog baie moeg maak as sy so aanhou vra dat ek haar moet help."

6Toe sê die Here: "Het julle gehoor wat sê daardie slegte regter? Hy het gesê hy sal die weduwee help,

7maar God sal sy mense help, dit is seker. Hy het hulle gekies en hulle roep elke dag en nag na Hom. Dink julle Hy sal lank wag om hulle te help?

8Nee, Ek sê vir julle: Hy sal hulle dadelik help. Julle moet aanhou bid, sodat, wanneer die Seun van die mens kom, Hy mense op die aarde sal kry wat glo."

© Bible Society of South Africa.

Die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar

9Daar was party mense wat gedink het alles wat hulle doen, is genoeg om hulle regverdig te maak. Hulle het ook gedink net húlle is belangrik. Maar Jesus het toe hierdie gelykenis vir daardie mense vertel. Hy het gesê:

10"Twee mans het na die tempel gegaan om te bid. Die een man was 'n Fariseër en die ander man was 'n tollenaar.

11Die Fariseër het gaan staan en hy het só gebid: 'My God, baie dankie dat ek nie soos die ander mense is nie. Hulle steel, hulle lewe nie soos U wil hê nie, en hulle pleeg egbreuk. En dankie dat ek nie soos hierdie tollenaar is nie.

12Ek vas twee maal in 'n week, en ek gee tiendes van alles wat ek kry.'

13"Maar die tollenaar het ver weg gaan staan. Hy wou nie opkyk na die hemel nie, want hy het gedink hy is nie goed genoeg nie. Hy het homself op die bors geslaan en gesê: 'My God, ek is 'n sondaar. U moet asseblief jammer wees vir my en U moet my help.' "

14Daarna het Jesus gesê: "Ek sê vir julle, toe hierdie tollenaar weggaan van die tempel, was God tevrede met hom maar nie met die Fariseër nie. Want God sal elkeen verneder wat dink hy is belangrik, en God sal elkeen wat nederig is, belangrik maak."

Jesus seën kindertjies

(Ook Matt 19:13-15; Mark 10:13-16)

15Die mense het hulle kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy aan hulle kon raak. Toe die dissipels dit sien, het hulle met die mense geraas.

16Maar Jesus het die kindertjies geroep en gesê: "Laat die kinders na My toe kom en moenie hulle keer nie, want God is Koning oor mense soos hulle.

17Ek sê vir julle, en dit is seker: As iemand nie soos 'n kindjie glo dat God sy Koning is nie, dan sal hy ook nie kan inkom waar God Koning is nie."

Geld en rykdom

(Ook Matt 19:16-29; Mark 10:17-30)

18'n Leier van die Jode het vir Jesus gesê: "U is 'n goeie leermeester. Sê vir my wat moet ek doen om die ewige lewe te kry."

19Maar Jesus het vir hom gesê: "Hoekom sê jy Ek is goed? Net God is goed, niemand anders nie.

20Jy weet wat God in sy tien gebooie gesê het: ' Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie oor ander mense lieg nie, jy moet jou ouers respekteer.' "

21Die man het vir Jesus gesê: "Vandat ek klein was, het ek alles gedoen wat God se wette sê."

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Toe Jesus dit hoor, het Hy vir hom gesê: “Jy moet nog een ding doen: Gaan verkoop alles wat jy het en deel die geld uit vir die arm mense. Dan sal jy ryk wees in die hemel. Kom dan hier en gaan saam met My.”

23Die man het baie hartseer geword toe hy hoor wat Jesus sê, want hy was baie ryk.

24Toe Jesus sien hoe hartseer die ryk man word, het Hy gesê: “Ryk mense sal nie maklik inkom waar God Koning is nie.

25’n Ryk man sal moeilik inkom waar God Koning is, ’n kameel sal makliker deur die oog van ’n naald kan gaan.”

26Die mense wat dit gehoor het, sê toe: “As dit so is, wie sal kan inkom waar God Koning is?”

27Jesus het lank na hulle gekyk en Hy het gesê: “Mense kan nie self daar inkom nie, net God kan hulle laat inkom. God kan alles doen wat Hy wil doen.”

28Petrus het vir Jesus gesê: “Kyk na ons, ons het ons mense en ons goed gelos en ons gaan saam met U.”

29Jesus het vir die dissipels gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: As iemand sy huis los of sy vrou of sy broers of sy ouers of sy kinders omdat hy gehoorsaam is aan God wat Koning is,

30dan sal hy baie meer terugkry. Hy sal baie terugkry nou, in hierdie tyd. Maar daar kom ’n nuwe tyd, en dan sal hy die ewige lewe kry.”

Jesus sê die derde maal Hy sal sterf en weer lewe

(Ook Matt 20:17-19; Mark 10:32-34)

31Jesus het met die twaalf dissipels gepraat. Hy het vir hulle gesê: “Luister, ons gaan na Jerusalem, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar met My gebeur.

32Die Joodse leiers sal My vir die heidene gee, en die heidene sal My spot en sleg van My praat en op My spoeg

33en My met ’n sweep slaan en My doodmaak. Maar op die derde dag sal Ek weer lewe.”

34Die dissipels het niks verstaan wat Jesus gesê het nie. God het hulle nie laat verstaan wat hierdie woorde beteken nie. Hulle kon dit nie verstaan nie.

Die blinde man by Jerigo

(Ook Matt 9:27-31; 20:29-34; Mark 10:46-52)

35Toe Jesus naby die stad Jerigo kom, was daar ’n blinde man wat langs die pad gesit en bedel het.

36Die blinde man het gehoor toe baie mense daar verbygaan, en hy het gevra wat daar gebeur.

© Bible Society of South Africa.

37Hulle het vir hom gesê dit is Jesus van Nasaret wat verbygaan.

38Toe begin die blinde man skree: “Jesus, Seun van Dawid, U moet asseblief jammer wees vir my en U moet my help!”

39Die mense wat voor geloop het, het met hom geraas en gesê hy moet stilbly, maar hy het aangehou en nog harder geskree: “Seun van Dawid, U moet asseblief jammer wees vir my en U moet my help!”

40Jesus het gaan staan en Hy het gesê hulle moet die blinde man na Hom toe bring. Toe die man nader kom, vra Jesus vir hom:

41“Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” En die blinde man antwoord: “Meneer, ek wil sien!”

42Jesus het vir hom gesê: “Kyk, jy sien nou! Jy sien, want jy het geglo.”

43Die blinde man kon dadelik sien, en hy het Jesus gevolg terwyl hy God prys. Toe die mense dit sien, het almal God geprys oor wat Jesus gedoen het.

Lukas 19

Jesus en Saggeus

1Jesus het in Jerigo ingegaan en Hy het deur die stad geloop.

2Daar het ’n man gewoon, sy naam was Saggeus. Hy was die hoof van die tollenaars en hy was ’n ryk man.

3Hy wou graag vir Jesus sien, hy wou sien wie Hy is. Maar omdat daar so baie mense was, kon Saggeus nie vir Jesus sien nie, want Saggeus was ’n kort mannetjie.

4Toe het Saggeus verder op die pad gehardloop en hy het in ’n wildevye-boom geklim sodat hy vir Jesus kon sien, want Jesus moes daar verbyloop.

5Toe Jesus by die boom kom, het Hy opgekyk en Hy het vir Saggeus gesê: “Saggeus, klim gou af, want Ek moet vandag in jou huis bly.”

6Saggeus het gou afgeklim en hy het vir Jesus in sy huis ingenooi. Saggeus was baie bly dat Jesus in sy huis wou bly.

7Maar almal wat dit gesien het, was ontevrede. Hulle het gesê: “Jesus het by ’n sondige man se huis ingegaan om daar te bly.”

8Saggeus het voor Jesus gaan staan en gesê: “Here, ek belowe ek sal die helfte van alles wat ek het, vir die arm mense gee. En as ek te veel geld van iemand gevat het, sal ek vier maal meer teruggee.”

9Jesus sê toe vir Saggeus en vir almal wat ontevrede was: “Vandag het God die mense in hierdie huis gered, want Saggeus is ook van die nageslag van Abraham.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Ek, die Seun van die mens, het gekom om almal wat verlore is, te soek en te red.”

Die gelykenis van die tien geldstukke

(Ook Matt 25:14-30)

11Jesus het nog iets gesê vir die mense wat na Hom geluister het. Hy het vir hulle ’n gelykenis vertel. Hy het dit gedoen omdat Hy naby Jerusalem was en omdat die mense gedink het wanneer Jesus in Jerusalem kom, dan sal God dadelik Koning word en regeer. Maar Jesus wou vir hulle reg leer.

12Daarom het Hy vir hulle gesê: “Daar was ’n man, hy was ’n koning se seun. Hy het na ’n ver land gegaan om eers daar koning te word. Daarna sou hy terugkom en koning wees oor sy eie mense.

13Toe roep hy tien van sy slawe en hy gee vir hulle tien geldstukke en sê: ‘Julle moet met hierdie geld baie dinge koop en dit weer verkoop en meer geld kry totdat ek terugkom.’

14Maar baie van die mense het niks van die koning se seun gehou nie, en nadat hy weggegaan het, het hulle boodskappers na hom toe gestuur om vir hom te sê: ‘Ons wil nie hê jy moet koning wees oor ons nie.’

15Maar die man het koning geword. Hy het teruggekom en toe laat roep hy die slawe vir wie hy die geld gegee het. Hy het vir hulle gevra wat hulle met die geld gedoen het. Hy wou weet wat hulle gekoop en verkoop het.

16Die eerste slaaf het gekom en gesê: ‘Meneer, hier is die een geldstuk wat jy gegee het, en hier is nog tien geldstukke daarby.’

17Die koning het vir hom gesê: ‘Dit is goed. Jy is ’n goeie slaaf. Ek gee nou vir jou tien stede, jy moet oor hulle regeer, want jy het goed gewerk met die bietjie geld wat ek vir jou gegee het.’

18Toe kom die tweede slaaf en hy sê: ‘Meneer, hier is die een geldstuk wat jy gegee het, en hier is nog vyf geldstukke daarby.’

19Die koning het ook vir hierdie slaaf gesê: ‘Ek gee vir jou vyf stede, jy moet oor hulle regeer.’

20“’n Derde slaaf het gekom en gesê: ‘Meneer, hier is die geldstuk wat jy gegee het. Ek het dit mooi toegedraai in ’n lap en ek het dit gebêre,

21want ek was bang vir jou omdat jy kwaai is. Jy vat van mense goed wat jy nie gegee het nie, en jy sny koring af wat jy nie gesaai het nie.’

22Toe sê die koning vir hom: ‘Jy is ’n slegte slaaf, jy het nou self gesê hoekom ek jou moet straf. Jy het geweet ek is kwaai, ek vat van mense goed wat ek nie gegee het nie en ek sny koring af wat ek nie gesaai het nie.

© Bible Society of South Africa.

23Hoekom het jy nie my geld in die bank gesit nie? Dan kon ek my geld en die rente
gekry het toe ek teruggekom het.'

24Toe sê die koning vir sy amptenare: 'Vat die geldstuk van hom weg en gee dit vir
die slaaf wat tien geldstukke het.'

25Hulle het vir hom gesê: 'Meneer, hy het klaar tien geldstukke.'

26Maar die koning het gesê: 'Ek sê vir julle, ek sal vir elkeen wat baie het, nog meer
gee, en ek sal van elkeen wat nie baie het nie, ook die bietjie wegvat wat hy het.

27En daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle moet wees nie,
bring hulle en maak hulle dood hier voor my.' "

Jesus ry op 'n donkie in Jerusalem in

(Ook Matt 21:1-3,6-9; Mark 11:1-10; Joh 12:12-14)

28Nadat Jesus hierdie gelykenis vertel het, het Hy verder gegaan na Jerusalem.

29Toe Hy naby die dorpies Betfage en Betanië op die Olyf-berg kom, het Jesus twee
van sy dissipels gestuur

30en vir hulle gesê: "Gaan na die dorpie hier voor julle, en wanneer julle daar ingaan,
sal julle 'n jong donkie sien wat vasgemaak is. Daar het nog nooit 'n mens op hom
gesit nie. Maak hom los en bring hom hier.

31En wanneer iemand vir julle vra hoekom julle die donkie losmaak, dan moet julle
sê: Die Here wil hom gebruik."

32Daardie twee dissipels het toe gegaan en dit was alles soos Jesus vir hulle gesê het.

33Toe hulle die donkie losmaak, het sy eienaars vir die dissipels gevra: "Hoekom
maak julle die donkie los?"

34Die dissipels het gesê: "Die Here wil hom gebruik."

35Die dissipels bring toe die jong donkie na Jesus toe, en hulle gooi van hulle klere
oor die donkie, en hulle tel Jesus op die donkie.

36Daarna het Jesus verder gery op die donkie, en die mense het van hulle klere op
die pad voor Hom oopgegooi.

37Toe Jesus naby Jerusalem kom, op die pad wat van die Olyf-berg na onder gaan,
was al die mense wat saam met Jesus geloop het, baie bly. Hulle het hard begin
skree en hulle het God geprys oor al die wonderlike dinge wat hulle gesien het.

38Hulle het geskree: Prys die Man wat kom! Hy is die Koning, die Here het Hom
gestuur! Daar is vrede in die hemel, God in die hoogste hemel is Koning!

39Party van die Fariseërs wat tussen die mense was, het vir Jesus gesê: "Meneer, jy
moet vir jou dissipels sê hulle moet stilbly. Hulle mag nie hierdie dinge sê nie."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

40Maar Jesus het vir hulle gesê: “Ek sê vir julle, as hulle stilbly, dan sal die klippe hard
skree en dit sê.”

41Toe Jesus nader gaan en Jerusalem sien, het Hy gehuil oor die stad.

42Hy het gesê: “Mense van Jerusalem, hoekom wil julle vandag nie verstaan wat dit is
wat vir julle vrede sal bring nie. Julle wil dit nie sien nie.

43Ek huil oor julle, want daar sal ’n tyd kom wanneer julle vyande ’n grondwal
rondom die stad sal bou. Hulle soldate sal rondom julle wees en julle sal nie uit die
stad kan gaan nie.

44Julle vyande sal die stad verwoes en hulle sal julle almal doodmaak. Hulle sal alles
afbreek, daar sal nie een muur bly staan nie. Hoekom? Omdat die tyd gekom het
wanneer God julle wil red, maar julle verstaan dit nie.”

Jesus jaag die verkopers uit die tempel

(Ook Matt 21:12-13; Mark 11:15-18; Joh 2:13-14,16)

45Jesus het toe na die tempel-gronde gegaan. Daar was mense besig om goed te
verkoop. Jesus het hulle uitgejaag.

46Hy het vir hulle gesê: “In die Ou Testament is geskryf: ‘God het gesê: “ ‘ My tempel
moet ’n plek wees waar mense bid.’ Maar julle het dit verander, dit is nou ’n plek
waar diewe bymekaarkom.”

47Jesus het elke dag vir die mense in die tempel geleer. Die priesterleiers,
die skrifgeleerdes en die leiers van die volk het planne gemaak om Hom dood te
maak,

48maar hulle kon nie besluit hoe hulle dit sal doen nie, want al die mense het van
Jesus gehou en hulle het graag na Hom geluister.

Lukas 20

Die mense wil weet wie het gesê Jesus mag hierdie dinge doen

(Ook Matt 21:23-27; Mark 11:27-33)

1Jesus was eendag by die tempel besig om vir die mense te leer. Hy het vir hulle die
goeie boodskap gebring dat God Koning is. Die priesterleiers en die skrifgeleerdes
saam met die familieleiers het na Hom toe gekom

2en hulle het vir Hom gevra: “Hoekom dink jy dat jy hierdie dinge mag doen? Wie het
gesê jy mag dit doen?”

3Jesus het vir hulle gesê: “Ek sal vir julle ook ’n vraag vra, en dan moet julle vir My
antwoord.

4Johannes die Doper het mense gedoop. Wie het hom gestuur om dit te doen? Was
dit God, of was dit mense?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Die Joodse leiers het daaroor met mekaar gepraat en gesê: “As ons sê: ‘God het hom gestuur,’ dan sal Jesus vra: ‘Hoekom het julle nie geglo wat Johannes gesê het nie?’

6Maar ons kan ook nie sê: ‘Dit was mense wat vir Johannes gestuur het om te doop’ nie. As ons dit sê, dan sal al die mense ons met klippe wil doodgooi, want hulle het geglo Johannes is ’n profeet.”

7Daarom het hulle vir Jesus gesê hulle weet nie wie vir Johannes gestuur het nie.

8Toe sê Jesus vir hulle: “Dan sal Ek ook nie vir julle sê wie het vir My gesê Ek mag hierdie dinge doen nie.”

Die gelykenis van die wingerd

(Ook Matt 21:33-42,44-46; Mark 12:1-12)

9Toe begin Jesus vir die mense hierdie gelykenis vertel. Hy het gesê: “’n Man het ’n klomp wingerdstokke op sy grond geplant. Daarna het hy gesê ander mense mag die wingerd huur. Toe het hy ’n lang tyd weggegaan.

10Toe dit tyd was om die druiwe te pluk, het hy ’n slaaf na die mense toe gestuur sodat hulle vir die eienaar die druiwe kan gee wat hy moet kry. Maar die mense het die slaaf geslaan en hom weggejaag. Hulle het vir hom niks gegee nie.

11Die eienaar van die wingerd het nog ’n slaaf na hulle toe gestuur. Die mense het hom ook geslaan en hulle het slegte dinge gedoen aan hom. Hulle het hom weggejaag en vir hom niks gegee nie.

12Die eienaar van die wingerd het toe ’n derde slaaf gestuur. Maar die mense het hierdie slaaf ook seergemaak en hom weggejaag.

13Toe het die eienaar van die wingerd gesê: ‘Wat moet ek nou doen? Ek is baie lief vir my seun, ek sal hóm na hulle toe stuur. Hulle sal miskien my seun respekteer.’

14Toe die mense die eienaar se seun sien, het hulle vir mekaar gesê: ‘Hierdie seun sal eendag al die eienaar se goed kry. Kom ons maak hom dood, dan vat ons alles vir onsself.’

15Hulle het die eienaar se seun uit die wingerd gejaag en hulle het hom doodgemaak. Wat dink julle, wat sal die eienaar van die wingerd met die mense doen?

16Hy sal kom en hy sal daardie mense doodmaak. Hy sal die wingerd vir ander mense gee.” Toe sê die mense: “Nee, dit sal nooit gebeur nie! Hierdie wingerd sal nooit aan ander mense behoort nie!”

17Jesus het ernstig na hulle gekyk en gesê: “Wat beteken hierdie woorde in die Psalms: “ Die klip wat die bouers nie wou gebruik nie, daardie klip het die belangrikste klip in die hele gebou geword.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18 Elkeen wat oor daardie klip val, sal sy bene breek en sterf. En as daardie klip op
iemand val, dan sal die klip so iemand doodval?”

19Die skrifgeleerdes en die priesterleiers het toe dadelik probeer om Jesus te laat
vang en toe te sluit. Hulle het geweet Hy het die gelykenis vertel om te wys hulle is
soos daardie mense. Maar hulle was bang vir die mense, daarom het hulle nie vir
Jesus gevang nie.

Aan wie moet die mense belasting betaal?

(Ook Matt 22:15-22; Mark 12:13-17)

20Die leiers van die Jode het baie goed gekyk wat Jesus doen. Hulle het spioene na
Jesus toe gestuur. Die spioene het gemaak of hulle graag meer van Jesus wou leer.
Die leiers wou hê Jesus moet iets sê wat verkeerd is, sodat Hy probleme kan kry. Dan
kan hulle Hom vang en vir die Romeinse regering gee, sodat hulle Hom kan straf.

21Die spioene het toe vir Jesus gevra: “Meneer, ons weet die dinge waaroor jy praat
en wat jy leer, is reg. Jy is nie bang vir wat mense van jou sê nie. Jy leer vir die mense
wat God wil hê hulle moet doen, en die dinge wat jy vir hulle leer, is waar.

22Maar sê vir ons: Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal of nie?”

23Jesus het geweet hulle wil hê Hy moet iets verkeerd sê waaroor hulle Hom kan
vang, en Hy sê toe vir hulle:

24“Wys vir My ’n silwer geldstuk.” Toe hulle dit doen, vra Hy vir hulle: “Wie se kop
en wie se naam is op hierdie geld?” Hulle het vir Hom gesê: “Dit is die keiser se kop
en sy naam.”

25Jesus sê toe vir hulle: “Dit is reg. Dan moet julle vir die keiser gee wat aan hom
behoort, maar julle moet ook vir God gee wat aan Hóm behoort.”

26Die spioene kon Hom nie vang nie, want niemand het gehoor dat Hy iets verkeerd
gesê het nie. Hulle was baie verbaas oor wat Jesus geantwoord het en hulle het
stilgebly.

Mense wat gesterf het, sal weer lewe

(Ook Matt 22:23-33; Mark 12:18-27)

27’n Paar Sadduseërs het na Jesus toe gekom. Die Sadduseërs het nie geglo dat die
mense wat gesterf het, weer sal lewe nie. Hulle het vir Jesus gesê:

28“Meneer, Moses het in sy wette geskryf wat ons moet doen. Hy het gesê:
‘ Wanneer ’n man sterf en sy vrou lewe nog en hulle het nie kinders nie, dan moet sy
broer met die weduwee trou. Wanneer die vrou dan kinders kry, dan sal dit sy broer
wat dood is, se kinders wees.’

29Daar was sewe broers. Die oudste broer het getrou. Hy het gesterf maar hy het nie
kinders gehad nie.

30Die tweede broer het met die oudste broer se weduwee getrou,

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

31en ná hom het die derde broer met haar getrou, en so het al sewe broers met die vrou getrou. Hulle het almal gesterf, maar hulle het nie kinders gehad nie.

32Later het die vrou ook gesterf.

33Nou vra ons: Wie se vrou sal hierdie vrou wees wanneer al die mense wat gesterf het, weer lewe? Want die sewe broers was almal met haar getroud."

34Jesus het vir hulle gesê: "In hierdie lewe trou mense met mekaar.

35Maar wanneer God Koning is, dan sal Hy die mense wat in Hom glo en wat gesterf het, weer laat lewe. Dan sal mense nie getroud wees nie, en hulle sal nie trou nie.

36Want hulle sal wees soos die engele wat nie sterf nie en wat by God in die hemel woon. Maar dit kan net gebeur as God hulle weer laat lewe.

37Moses het ook vir ons gesê mense wat gesterf het, sal weer lewe. Hy het geskryf oor die bos wat gebrand het. Daar sê Moses die Here is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob.

38God is nie die God van dooie mense nie, Hy is die God van mense wat lewe. Want vir God is almal wat in Hom glo, mense wat lewe."

39Party van die skrifgeleerdes het vir Jesus gesê: "Meneer, jy het goed geantwoord."

40Die mense wou toe nie weer vir Jesus iets vra nie.

Is die Christus die Seun van Dawid?

(Ook Matt 22:41-45; Mark 12:35-37)

41Jesus het vir die mense gevra: "Hoekom sê die mense die Christus is die Seun van Dawid?

42Want Dawid self sê in die boek van die Psalms: " Die Here het vir my Here, die Koning, gesê: Sit hier langs My, op die belangrikste plek,

43Ek sal jou vyande voor jou laat buig, en jy sal jou voete op hulle sit.

44"Dawid noem die Christus 'Here.' Hoe kan die Christus dan Dawid se seun wees?"

Jesus waarsku die mense teen die skrifgeleerdes

(Ook Matt 23:1-2,5-6,14; Mark 12:37-40)

45Toe sê Jesus vir sy dissipels terwyl al die mense Hom kan hoor:

46"Pasop vir die skrifgeleerdes. Hulle wil graag met deftige klere rondloop en hulle wil hê almal moet hulle groet op die plekke in die stad waar die mense bymekaarkom. Hulle wil graag sit op die belangrikste plekke in die sinagoges en by die feeste.

47Maar die skrifgeleerdes is mense wat weduwees bedrieg en wat hulle huise vat. En hulle is mense wat baie lank bid sodat ander mense dit moet sien. God sal hulle baie swaar straf."

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Lukas 21

Die arm weduwee se dank-offer

(Ook Mark 12:41-44)

1Jesus het gesien die ryk mense gooi hulle dank-offers in die dankoffer-kis in die tempel.

2Hy het ook gesien ’n arm weduwee gooi twee klein geldstukkies in die kis.

3Toe sê Jesus: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Hierdie arm weduwee het meer geld ingegooi as almal.

4Al hierdie ryk mense het baie geld om in te gooi en daarna het hulle nog baie geld. Hierdie vrou is baie arm, maar sy het alles ingegooi, sy het nie meer geld om kos te koop nie.”

Vyande sal die tempel afbreek

(Ook Matt 24:1-2; Mark 13:1-2)

5Party van die mense het gepraat oor hoe mooi die tempel is. Die bouers het die mure gebou met mooi klippe en hulle het dit mooi gemaak met gewyde presente. Toe sê Jesus:

6“Daar sal ’n tyd kom wanneer vyande al hierdie geboue sal afbreek. Daar sal nie een muur regop bly staan nie.”

Mense sal baie swaar kry

(Ook Matt 24:3-9; 10:17-22; 24:13; Mark 13:3-13)

7Die mense het toe vir Jesus gevra: “Wanneer sal die dinge gebeur waarvan U praat? Watter teken sal vir ons wys wanneer al hierdie dinge sal gebeur?”

8Jesus het vir hulle gesê: “Julle moet oppas dat niemand julle bedrieg nie. Baie mense sal my Naam gebruik en sê: ‘Dit is Ek! Ek is die Christus!’ Hulle sal ook sê: ‘Die regte tyd het nou gekom.’ Maar julle moet hulle nie glo nie.

9Julle moenie skrik wanneer julle hoor die mense maak oorlog of hulle is ongehoorsaam aan hulle regerings nie. Hierdie dinge moet eers gebeur, maar dit is dan nog nie dadelik die einde van alles nie.”

10Toe het Jesus vir die mense gesê: “Die een volk sal teen die ander volk oorlog maak, die mense van een land sal teen die mense van ’n ander land oorlog maak.

11Daar sal groot aardbewings wees, op baie plekke sal daar hongersnood wees. Baie mense sal siek word en sterf. Daar sal vreeslike dinge gebeur, en daar sal tekens in die lug wees, tekens wat ’n mens bangmaak.

12Maar voor al hierdie dinge gebeur, sal die mense julle vang en hof toe vat in die sinagoges, en hulle sal julle in die tronk gooi. Hulle sal julle ook hof toe vat voor konings en goewerneurs omdat julle aan My behoort.

© Bible Society of South Africa.

13Dan kan julle vir hulle van My vertel.

14Julle moet besluit om nie voor die tyd gereed te maak vir wat julle sal sê wanneer julle in die hof kom nie,

15want Ek sal vir julle sê wat julle moet sê. Julle sal soos wyse mense praat en julle vyande sal nie weet wat om te antwoord nie, hulle sal nie kan sê julle praat verkeerd nie.

16Ook julle ouers, julle broers, julle familie en julle vriende sal vir julle hof toe vat. Hulle sal party van julle ook doodmaak.

17Almal sal julle haat omdat julle aan My behoort.

18Maar julle sal nie verlore gaan nie, nie een haar van julle kop sal verlore gaan nie.

19As julle aanhou glo, dan sal julle die ewige lewe kry."

Vyande sal Jerusalem verwoes en die gelowiges verdruk

(Ook Matt 24:15-16,19,21; Mark 13:14,17,19)

20"Wanneer julle sien die soldate van die vyande is rondom Jerusalem, dan moet julle weet dit is nog net 'n kort tydjie, dan sal die vyande Jerusalem verwoes.

21Wanneer dít gebeur, dan moet die mense wat in Judea is, na die berge vlug. En die mense in Jerusalem moet weghardloop. En die mense buite die stad moenie na Jerusalem kom nie.

22Want dit sal 'n tyd wees wanneer God die mense van Jerusalem sal straf, sodat alles kan gebeur wat in die Ou Testament geskryf is.

23Dit sal in daardie tyd sleg gaan met vroue wat babas verwag of wat kinders het wat nog aan hulle drink. Want die mense in die land Judea sal swaarkry, God sal dan begin om hulle swaar te straf.

24Die vyande sal party mense van Judea doodmaak. En hulle sal ander mense vang en wegvat na al die ander volke van die wêreld. Ander mense sal in Jerusalem kom woon en hulle sal die stad ontwy. En al hierdie dinge sal aanhou totdat die tyd kom wanneer die Here die volke sal straf."

Die Seun van die mens sal weer kom

(Ook Matt 24:29-31; Mark 13:24-27)

25"Daar sal wonderlike dinge gebeur met die son en die maan en die sterre. Die mense op die aarde sal baie bang word, want alles sal deurmekaar wees. Die branders van die see sal so wild word dat die mense nie sal weet wat gebeur nie.

26Mense sal sterf omdat hulle bang is, omdat hulle sal weet dat vreeslike dinge in die wêreld sal gebeur. Ja, God sal die hemel skud en alles wat daarin is.

27Dan sal almal vir My, die Seun van die mens, sien. Ek sal op die wolke kom, en Ek sal alles kan doen wat Ek wil doen. Ek sal die Groot Koning wees.

© Bible Society of South Africa.

28Wanneer hierdie dinge begin gebeur, dan moet julle ophou om moedeloos te wees, want dan weet julle dat God julle gou sal kom vrymaak."

Die gelykenis van die vyeboom

(Ook Matt 24:32-35; Mark 13:28-31)

29Jesus het vir sy dissipels 'n gelykenis vertel. Hy het gesê: "Julle moet kyk na die vyeboom en al die ander bome.

30Wanneer die blare begin groei, dan weet julle en kan julle self sien die somer is naby.

31So ook: Wanneer julle al hierdie dinge sien gebeur, dan moet julle weet die tyd is naby wanneer God Koning sal wees.

32Ek sê vir julle, en dit is seker: Party mense wat nou lewe, sal nog lewe wanneer al hierdie dinge gebeur.

33Die hemel en die aarde sal eendag verdwyn, maar my woorde sal altyd waar wees."

Niemand sal weet wanneer God Koning sal word nie

34"Julle moet oppas, julle moenie julle geld mors en dronk word en bekommerd wees oor hoe julle sal lewe nie, want dan sal julle vir God vergeet. En die dag wanneer God Koning sal word, sal dan vir julle te skielik kom.

35Dit sal wees soos 'n vangstrik wat skielik 'n voël vang. Ja, dit sal skielik gebeur met al die mense wat op die aarde woon.

36Julle moet altyd gereed wees. Julle moet bid dat julle krag sal hê om weg te vlug van al hierdie dinge wat gou sal gebeur. Julle moet bid dat julle gereed sal wees wanneer die Seun van die mens julle sal oordeel."

37Jesus het in die dag vir die mense in die tempel geleer, maar wanneer dit aand geword het, het Hy uitgegaan na die Olyf-berg en Hy het die hele nag daar gebly.

38En vroeg die volgende oggend het al die mense weer na Hom kom luister by die tempel.

Lukas 22

Die leiers maak planne om Jesus dood te maak

(Ook Matt 26:2,4-5,14-16; Mark 14:1-2,10-11)

1Dit was amper tyd vir die Fees van die Ongesuurde Brood. Hulle het hierdie fees ook " Paasfees" genoem.

2Die priesterleiers en die skrifgeleerdes het planne gemaak om Jesus dood te maak. Dit was geheime planne, want hulle was bang vir die mense.

© Bible Society of South Africa.

3Een van die dissipels se naam was Judas. Hulle het hom ook Iskariot genoem. Die Satan het in Judas ingegaan.

4Toe gaan Judas na die priesterleiers en die offisiere van die wagte wat by die tempel gewerk het. Judas het met hulle gepraat oor hoe hy hulle kon help om Jesus te vang.

5Hulle was bly en hulle het besluit om vir Judas geld te gee.

6Judas het gesê dit is goed. Toe het hy ’n plan probeer maak en hy het gewag vir die regte tyd om Jesus te verraai. Hy moes dit doen waar daar nie ook ander mense is nie.

Die laaste Paasfees

(Ook Matt 26:17-19; Mark 14:12-16)

7Dit was die eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brood. Daardie dag moes die mense die paaslam slag.

8Toe stuur Jesus vir Petrus en Johannes en Hy sê vir hulle: “Gaan maak vir ons die Paas-ete gereed sodat ons dit kan eet.”

9Die twee dissipels het vir Jesus gevra: “Waar wil U hê moet ons die ete gaan gereedmaak?”

10Jesus het vir hulle gesê: “Wanneer julle in die stad ingaan, dan sal ’n man na julle toe kom wat water in ’n kruik dra. Gaan saam met hom in die huis waar hy ingaan.

11Dan sê julle vir die eienaar van daardie huis: Ons Meneer vra waar die kamer is waar Hy die Paas-ete saam met sy dissipels kan eet.

12Die eienaar sal vir julle ’n groot kamer op die dak van sy huis wys. Alles wat ons moet hê vir die ete, is daar. Julle moet alles daar gereedmaak vir die Paas-ete.”

13Die dissipels het gegaan, en dit was alles soos Jesus vir hulle gesê het. Hulle het alles gereedgemaak vir die Paas-ete.

Die nagmaal

(Ook Matt 26:20,23-29; Mark 14:17,22-25,20-21; Joh 13:26; 6:51-58)

14Toe dit die regte tyd was, het Jesus by die tafel gaan sit en die apostels, die dissipels, het saam met Hom gaan sit.

15Jesus het vir hulle gesê: “Ek wou baie graag hierdie Paas-ete saam met julle eet voordat Ek swaarkry.

16Ek sê vir julle Ek sal dit nooit weer eet nie totdat almal sal weet dat God Koning is en almal sal weet wat hierdie Paas-ete beteken.”

17Toe het Jesus ’n beker wyn geneem en Hy het vir God dankie gesê daarvoor. Hy het vir die apostels gesê: “Neem die beker wyn en drink almal daaruit,

© Bible Society of South Africa.

18want Ek sê vir julle, Ek sal nie weer wyn drink nie totdat almal sal weet dat God Koning is."

19Jesus het toe brood geneem en Hy het vir God dankie gesê daarvoor. Hy het die brood in stukke gebreek en vir sy apostels gegee. Hy het gesê: "Dit is my liggaam wat Ek vir julle gee. Elke maal wanneer julle die brood breek en eet, dan moet julle aan My dink."

20Nadat hulle geëet het, het Jesus 'n beker wyn geneem. Hy het gesê: "Die wyn in hierdie beker is my bloed. My bloed wat vir julle sal vloei, is die bloed van die nuwe verbond.

21Maar kyk, die man wat My sal verraai, eet saam met My by hierdie tafel.

22Dit is waar dat Ek, die Seun van die mens, sal sterf soos God besluit het. Maar daardie man wat My verraai, sal baie swaar kry."

23Die apostels het vir mekaar gevra wie van hulle so iets sal wil doen.

Wie is die belangrikste?

(Ook Matt 20:24-28; 19:28; Mark 10:41-45)

24Die apostels het toe met mekaar begin stry oor wie van hulle die belangrikste is.

25Maar Jesus het vir hulle gesê: "Die konings van die wêreld wil regeer oor hulle mense, en almal wat regeer, hou daarvan dat die mense sê hulle doen baie goeie dinge vir hulle mense.

26Maar julle moenie so wees nie. As iemand van julle belangrik wil wees, dan moet hy wees soos die jongste van julle, die een wat al die ander moet bedien. As iemand 'n leier wil wees, dan moet hy almal bedien.

27Want wie is die belangrikste: Die een wat by die tafel sit, of die een wat die mense by die tafel bedien? Natuurlik is dit die een wat by die tafel sit. Maar kyk na My, wat doen Ek? Ek is by julle soos iemand wat die mense by die tafel bedien.

28Julle het altyd by My gebly toe dit sleg gegaan het met My.

29Daarom sal Ek vir julle konings maak soos my Vader vir My 'n Koning gemaak het.

30Dan sal julle saam met My kan eet en drink by my tafel waar Ek Koning is. Julle sal op trone sit en julle sal die twaalf stamme van Israel oordeel."

Petrus sal sê hy ken nie vir Jesus nie

(Ook Matt 26:33-34; Mark 14:29-30; Joh 13:37-38)

31Toe sê Jesus vir Petrus: "Simon, Simon, jy moet goed luister, die Satan wil julle toets en hy wil kyk of julle sal ophou om in My te glo, hy wil julle graag sif soos 'n mens koring sif.

32Maar Ek het gebid dat jy sal aanhou om in My te glo. En jy, wanneer jy verander het en lewe soos God wil hê, dan moet jy jou broers help."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

33Petrus het vir Jesus gesê: “Here, ek sal saam met U gaan, ook as U tronk toe moet gaan en moet sterf, dan sal ek saam met U gaan.”

34Jesus sê toe vir hom: “Petrus, jy sal drie maal sê jy ken nie vir My nie, jy sal dit sê voordat die haan vannag kraai.”

Die dissipels sal swaarkry

35Toe sê Jesus vir die dissipels: “Kan julle onthou, toe Ek julle na die mense toe gestuur het, het Ek gesê julle moenie ’n beursie of ’n rugsak of sandale saamneem nie? Het julle toe iets nodig gekry?” Die dissipels het geantwoord: “Nee, niks.”

36Jesus het vir hulle gesê: “Maar nou is dit anders. As iemand ’n beursie het, dan moet hy dit saamneem. En as hy ’n rugsak het, dan moet hy dit saamneem. As hy nie ’n swaard het nie, dan moet hy sy bo-kleed verkoop en ’n swaard koop.

37Want Ek sê vir julle, nou sal waar word wat die profeet Jesaja gesê het. Hy het gesê: ‘ Die mense het gedink hy is een van die mense wat ongehoorsaam is aan God.’ Ja, al die dinge wat hulle oor my lewe geskryf het, sal nou gebeur.”

38Toe sê die dissipels: “Here, kyk ons het twee swaarde.” Maar Jesus het gesê: “Nee, daaroor sal ons nie weer praat nie.”

Jesus in die tuin van Getsemane

(Ook Matt 26:36,39-41; Mark 14:32,35-38; Joh 18:1; 12:27)

39Jesus het uitgegaan na die Olyf-berg. Hy het dit elke aand gedoen vandat Hy in Jerusalem gekom het. Die dissipels het saam met Hom gegaan.

40Toe hulle by die Olyf-berg kom, het Jesus vir die dissipels gesê: “Julle moet bid dat julle sal aanhou om My te volg, ook wanneer julle swaarkry.”

41Jesus het ’n bietjie verder van die dissipels gaan staan, omtrent so ver soos ’n mens met ’n klip kan gooi. Hy het gekniel en gebid

42en gesê: “Vader, as U dit wil doen, neem asseblief hierdie swaarkry weg van My, moenie vir My hierdie beker gee om te drink nie. Maar U moenie doen wat Ek wil hê nie, U moet doen wat U wil hê.”

43Toe kom daar ’n engel uit die hemel. Hy het aan Jesus verskyn en vir Hom krag gegee.

44Daarna het Jesus baie bang geword en Hy het baie ernstig gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword en dit het op die grond gedrup.

45Toe Jesus klaar gebid het, het Hy opgestaan. Hy het by die dissipels gekom en gesien hulle slaap vas. Hulle was moeg, want hulle was baie bekommerd oor Jesus.

46Jesus het vir hulle gevra: “Hoekom slaap julle? Staan op en bid dat niks sal gebeur wat julle sal laat sonde doen nie.”

Mense vang vir Jesus

(Ook Matt 26:47,49-50,52,55; Mark 14:43,45,47-49; Joh 18:2-3,5,10-11)

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

47Jesus was besig om te praat, toe kom daar ’n klomp mense by hulle. Judas, een van die dissipels, het voor geloop. Hy het nader gekom na Jesus toe om Hom te soen.

48Jesus vra toe vir hom: “Judas, verraai jy die Seun van die mens met ’n soen?”

49Die dissipels wat rondom Jesus gestaan het, het besef wat gaan gebeur, en hulle het vir Jesus gevra: “Here, moet ons die mense met ons swaarde aanval?”

50Een van die dissipels het toe met sy swaard na die hoëpriester se slaaf gekap. Hy het die slaaf se regter-oor afgekap.

51Maar Jesus het vir die dissipel gesê: “Hou op!” Jesus het aan die slaaf se oor geraak en Hy het die slaaf gesond gemaak.

52Toe vra Jesus vir almal wat gekom het om Hom te vang, die priesterleiers, die offisiere van die wagte wat by die tempel werk, en die familieleiers: “Hoekom het julle swaarde en stokke saamgebring? Dink julle Ek wil teen die regering veg?

53Ek was elke dag saam met julle by die tempel, en julle het My nie gevang nie. Maar nou is dit nag, die tyd wat die vyande van God kies om slegte dinge te doen, en julle kan nou doen wat julle besluit het om te doen.”

Petrus sê hy ken nie vir Jesus nie

(Ook Matt 26:57-58,69-75; Mark 14:53-54,66-72; Joh 18:13-18,25-27)

54Hulle het toe vir Jesus gevang en hulle het Hom na die huis van die hoëpriester gebring. Petrus het ook saamgegaan, maar hy het nie naby Jesus geloop nie.

55Die mense wat vir Jesus gevang het, het ’n vuur aangesteek op die oop stuk grond voor die huis, en hulle het daar gaan sit. Petrus het ook by hulle gaan sit.

56Een van die meisies wat daar werk, het vir Petrus gesien waar hy by die vuur sit. Sy het lank na hom gekyk en gesê: “Hierdie man was ook saam met Jesus.”

57Maar Petrus het gesê dit is nie waar nie. Hy het gesê: “Mevrou, ek ken Hom nie.”

58’n Bietjie later het iemand anders, ’n man wat ook daar werk, vir Petrus gesien en gesê: “Jy is ook een van Jesus se mense.” Maar Petrus het gesê: “Man, ek is nie.”

59Ná omtrent ’n uur het ’n ander man ook gesê: “Maar ek is baie seker, hierdie man wás saam met Jesus se mense, want hy kom ook van Galilea.”

60Maar Petrus het gesê: “Man, ek weet nie van wie jy praat nie.” En dadelik, terwyl Petrus praat, het die haan gekraai.

61Toe draai die Here om en Hy kyk na Petrus. Petrus het onthou wat Jesus vir hom gesê het: “Jy sal vandag drie maal sê jy ken My nie. Jy sal dit sê voordat die haan kraai.”

62Petrus het buitetoe gegaan en hy het hard gehuil.

Die wagte spot vir Jesus

(Ook Matt 26:67-68; Mark 14:65)

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

63Die wagte wat vir Jesus gevang het, het Hom gespot en geslaan.

64Hulle het sy oë toegebind en vir Hom gesê: “Wys vir ons jy is ’n profeet en sê vir ons wie het jou geslaan.”

65Hulle het Hom ook nog op baie ander maniere beledig.

Die Joodse Raad sê Jesus is skuldig

(Ook Matt 27:1; 26:63-65; Mark 15:1; 14:61-64; Joh 18:19-24)

66Toe dit dag geword het, het die Joodse Raad vergadering gehou. Hulle was die Sanhedrin, dit is die familieleiers, die priesterleiers en die skrifgeleerdes. Hulle het vir Jesus voor hulle laat staan.

67Hulle sê toe vir Jesus: “Sê vir ons reguit of jy die Christus is.” Jesus het vir hulle gesê: “As Ek vir julle reguit sê wie Ek is, dan sal julle My nie glo nie.

68En as Ek vir julle iets vra, dan sal julle My ook nie antwoord nie.

69Maar van nou af sal Ek, die Seun van die mens, sit op die belangrikste plek langs God, God wat sterk is en wat oor almal regeer.”

70Al die Raadslede het toe vir Jesus gevra: “Maar is jy die Seun van God?” En Jesus het geantwoord: “Julle sê self Ek is.”

71Toe sê die lede van die Raad: “Ons het nou genoeg gehoor. Ons het self gehoor wat hy sê.”

Lukas 23

Jesus staan voor Pilatus

(Ook Matt 27:1-2,11; Mark 15:1-2; Joh 18:28,33-34,37)

1Die hele Joodse Raad het toe opgestaan en hulle het vir Jesus na Pilatus toe geneem.

2Hulle het begin om Jesus te beskuldig. Hulle het gesê: “Ons het uitgevind dat hierdie man ons volk opstandig maak. Hy sê die mense moenie belasting betaal aan die keiser nie. Hy sê ook hy is ’n koning, die Christus.”

3Pilatus het vir Jesus gevra: “Is jy die koning van die Jode?” Toe antwoord Jesus vir Pilatus: “Jy sê self Ek is.”

4Pilatus het vir die priesterleiers en die mense gesê: “Ek dink nie hierdie man het enige iets verkeerd gedoen nie.”

5Maar die priesterleiers het aangehou om te sê: “Hy maak die mense opstandig, want hy het begin om vir die mense in Galilea verkeerde dinge te leer, en nou doen hy dit ook in die hele land Judea.”

Jesus voor Herodes

© Bible Society of South Africa.

6Toe Pilatus dit hoor, vra hy: “Kom hierdie man van Galilea?”

7En toe hy hoor dat Jesus van Galilea kom waar Herodes koning is, het hy vir Jesus na koning Herodes toe gestuur. Herodes was ook vir die Paasfees in Jerusalem.

8Herodes was baie bly om Jesus te sien, want hy wou graag vir Jesus ontmoet omdat hy baie van Hom gehoor het. Herodes het gehoop Jesus doen ’n wonderteken voor hom.

9Herodes het vir Jesus lank uitgevra, maar Jesus het hom niks geantwoord nie.

10Die priesterleiers en die skrifgeleerdes was ook daar. Hulle het Jesus oor baie dinge beskuldig by Herodes.

11Toe het Herodes en sy soldate vir Jesus verneder en Hom gespot. Hulle het vir Hom deftige klere aangetrek en Herodes het Hom teruggestuur na Pilatus toe.

12Daardie dag het Herodes en Pilatus vriende geword. Voorheen was hulle vyande van mekaar.

Pilatus sê Jesus moet sterf

(Ook Matt 27:15-17,21-23,26; Mark 15:6-9,11-15; Joh 18:38-40; 19:16)

13Toe het Pilatus die priesterleiers en die leiers van die volk en al die mense bymekaargeroep.

14Hy het vir hulle gesê: “Julle het vir my hierdie man gebring en gesê hy maak die mense opstandig. Ek het geluister na wat hy sê, maar ek kon niks kry wat wys dat hy skuldig is nie.

15Herodes kon ook niks kry wat hy verkeerd gedoen het nie, want hy het vir Jesus teruggestuur na my toe. Jesus het niks verkeerd gedoen nie, ek kan hom nie laat doodmaak nie.

16Daarom sal ek hom laat slaan, en dan sal ek hom uit die tronk laat kom.”

17 18Maar toe het almal geskree: “Jy moet hierdie man wegvat. Ons wil hê jy moet vir Barabbas uit die tronk laat kom.”

19Barabbas was in die tronk omdat hy die leier was van mense wat in Jerusalem opstandig geword het teen die Romeinse regering, en omdat hy iemand vermoor het.

20Pilatus het weer met die Joodse leiers en met die mense gepraat, want hy wou graag vir Jesus uit die tronk laat kom.

21Maar die mense het geskree: “ Kruisig hom, kruisig hom!”

22Pilatus het ’n derde maal met die mense gepraat. Hy het gesê: “Sê vir my, wat het hierdie man gedoen wat verkeerd is? Ek kan niks kry waaroor hy moet sterf nie. Ek sal hom laat slaan, en dan sal ek hom uit die tronk laat kom.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Maar die mense het aangehou om hard te skree dat Pilatus vir Jesus moet laat kruisig. Hulle het so baie geskree

24dat Pilatus besluit het om te doen wat hulle vra.

25Hy het vir Barabbas laat uitkom, Barabbas wat in die tronk was omdat hy die leier was van mense wat opstandig was teen die Romeinse regering, en omdat hy iemand vermoor het. Pilatus het gedoen wat die mense gevra het, hy het gesê Jesus moet sterf, want dit is wat die mense wil hê.

Die soldate kruisig vir Jesus

(Ook Matt 27:31-33,35,37-39,41-42,44; Mark 15:20-22,24,26-27,31-32; Joh 19:17-19,29)

26Die soldate het vir Jesus weggevat. Daar het ’n man van buite die stad gekom, sy naam was Simon, hy was van die stad Sirene. Die soldate het hom gevat en hulle het Jesus se kruis op hom gesit. Hulle het vir hom gesê hy moet agter Jesus loop en hy moet die kruis dra.

27Baie mense het agter Jesus geloop. Party van die vroue het hulleself op die bors geslaan en hulle het oor Jesus gehuil.

28Toe draai Jesus om en sê vir hulle: “Vroue van Jerusalem, julle moenie oor My huil nie. Julle moet oor julleself huil en oor julle kinders.

29Julle moet weet, daar sal ’n tyd kom wanneer die mense sal sê vroue wat nie kinders kan hê nie, en ook vroue wat nooit kinders gehad het nie, is gelukkige mense.”

30Jesus het ook gesê: “In daardie tyd sal die mense vir die berge en die heuwels sê: ‘ Julle moet op ons val! Julle moet ons toemaak!’

31Ek sê dit, want Ek is onskuldig, en kyk wat gebeur met My. Julle kan self dink wat sal gebeur met Jerusalem, Jerusalem wat skuldig is.”

32Die soldate het ook twee ander mans weggevat om hulle saam met Jesus te kruisig. Hierdie mans was skelms.

33Hulle kom toe by ’n plek, die plek se naam was Kopbeen. Daar het die soldate vir Jesus gekruisig. Hulle het ook die twee skelms gekruisig, een regs langs Jesus en die ander een links langs Hom.

34Toe sê Jesus: “Vader, U moet die mense vergewe wat My kruisig, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” Die soldate wat vir Jesus gekruisig het, het Jesus se klere gevat. Hulle het lootjies getrek om te besluit watter klere elkeen moet kry.

35Al die mense het daar gestaan en kyk wat gebeur. Die Joodse leiers het vir Jesus gespot. Hulle het gesê: “Hy het ander mense gered, nou moet Hy Homself red as Hy die Christus van God is, as God Hom gekies het om Koning te wees.”

36Die soldate het ook vir Jesus gespot. Hulle wou hê Hy moet suur wyn drink.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37Hulle het gesê: “As jy die koning van die Jode is, dan moet jy jouself red.”

38Bo-aan die kruis het hulle op ’n plank geskryf hoekom hulle vir Jesus gekruisig het. Hulle het daarop geskryf: “Hierdie man is die koning van die Jode.”

39Een van die skelms wat langs Jesus aan ’n kruis gehang het, wou vir Jesus verneder en hy het gesê: “O, jy sê jy is die Christus. Dan moet jy jouself red en ook vir ons.”

40Maar die ander skelm het gesê hy moet stilbly. Hy het gesê: “Is jy nie bang vir God nie? Want hulle straf jou soos hulle vir Jesus straf.

41Dit is reg dat hulle ons straf, want ons het verkeerde dinge gedoen. Maar Jesus het niks verkeerd gedoen nie.”

42Toe sê hy vir Jesus: “Jesus, dink aan my wanneer God vir U Koning maak.”

43En Jesus het vir hom gesê: “Ek sê vir jou, en dit is seker: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”

Jesus sterf

(Ook Matt 27:45,50-51,54-55; Mark 15:33,37-41; Joh 19:29-30,25)

44Dit was omtrent twaalfuur die middag. Dit het donker geword oor die hele land. Dit was donker tot drie-uur die middag.

45Toe dit donker word, het die gordyn in die tempel van bo tot onder geskeur.

46En Jesus het hard gesê: “ Vader, Ek gee myself vir U.” Nadat Jesus dit gesê het, het Hy gesterf.

47Die kaptein van die Romeinse soldate het gesien wat gebeur. Hy het God geprys en gesê: “Hierdie man was regtig onskuldig.”

48Daar was baie mense wat kom kyk het wat gebeur. Hulle was jammer dat dit gebeur het en hulle het hulleself op die bors geslaan. Toe het hulle teruggegaan na hulle huise in die stad.

49Maar al die mense wat vir Jesus geken het, ook die vroue wat saam met Jesus van Galilea gekom het, het daar gebly staan, ’n bietjie verder weg. Almal, ook die vroue, het gesien hoe Jesus sterf en wat alles gebeur.

Josef van Arimatea sit Jesus se liggaam in ’n graf

(Ook Matt 27:57-61; Mark 15:42-43,46-47; Joh 19:38,40-42)

50Daar was ’n man, sy naam was Josef. Hy was ’n lid van die Joodse Raad en hy was ’n goeie man wat gehoorsaam was aan al die Wette van Moses.

51Josef het gedink die Raad het verkeerd besluit oor Jesus. Josef het gekom van die Joodse stad Arimatea. Hy het ook gewag dat die tyd sal kom wanneer God Koning sal wees oor almal.

52Josef het na Pilatus toe gegaan en hy het vir Pilatus gevra of hy die liggaam van Jesus kan kry.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

53Toe het Josef die liggaam van die kruis afgehaal en hy het dit in lap toegedraai. Hy het die liggaam in ’n graf gesit wat hulle in ’n rots gekap het. Hulle het nog nie voorheen iemand in daardie graf begrawe nie.

54Dit het alles op die Vrydag gebeur, en daarna het die Sabbatdag begin.

55Die vroue wat saam met Jesus gekom het van Galilea, het die graf gesien en hulle het ook gesien hoe Josef die liggaam van Jesus in die graf sit.

56Daarna het die vroue teruggegaan na die stad. Hulle het lekkerruik-olie en salf gereedgemaak, hulle wou dit later aan Jesus se liggaam smeer. Maar op die Sabbatdag het hulle eers gerus, soos die Wette van Moses sê.

Lukas 24

Jesus lewe weer

(Ook Matt 28:1,3-8; Mark 16:2,4-8; Joh 20:1-3,5,10)

1Baie vroeg die Sondag-oggend het die vroue na die graf gegaan. Hulle het lekkerruik-olie gereedgemaak en hulle het dit saamgeneem.

2By die graf het hulle gesien iemand het die klip voor die graf weggerol.

3Hulle gaan toe by die graf in, maar sien nie die liggaam van die Here Jesus daar binne nie.

4Die vroue was baie verbaas daaroor. Skielik het daar twee mans by hulle gestaan, die mans het blink klere aangehad.

5Die vroue het bang geword en hulle het laag gebuig. Toe sê die mans vir hulle: “Hoekom soek julle die Een wat lewe by die mense wat dood is?

6Jesus is nie hier nie, God het Hom weer laat lewe. Onthou julle wat Jesus vir julle vertel het toe julle nog in Galilea was?

7Hy het gesê God sal Hom, die Seun van die mens, vir sondige mense gee om dood te maak, hulle sal Hom kruisig, maar Hy sal op die derde dag weer lewe.”

8Die vroue het toe onthou dat Jesus dit gesê het.

9Daarna het die vroue teruggegaan huis toe. Hulle het alles vir die elf apostels en die ander gelowiges vertel.

10Die vroue wat hierdie dinge gesien het, was Maria Magdalena, Johanna, Maria ma van Jakobus, en die ander vroue wat by hulle was. Toe hulle hierdie dinge vir die apostels vertel,

11het die apostels gedink die vroue praat nonsens, en hulle het die vroue nie geglo nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Petrus het opgestaan en hy het na die graf gehardloop. Hy het gebuk en by die graf
ingekyk en gesien daar lê net lappe. Hy het teruggegaan en hy was baie verbaas oor
wat gebeur het.

Die twee mans wat na Emmaus geloop het

13Dieselfde Sondag het twee van die mense wat ook altyd by Jesus se dissipels was,
na die dorpie Emmaus geloop. Emmaus was 60 stadioi van Jerusalem.

14Hulle het met mekaar gepraat oor alles wat gebeur het met Jesus.

15Terwyl hulle daaroor wonder en praat, het Jesus self nader gekom en saam met
hulle geloop.

16Maar hulle het nie gesien dit is Jesus nie, God het hulle dit nie laat sien nie.

17Jesus het vir hulle gevra: “Waaroor loop en praat julle met mekaar?” Die twee
mans het gaan staan. Hulle was baie hartseer.

18Kleopas, een van die mans, het vir Jesus gevra: “Woon jy nie in Jerusalem nie?
Weet jy nie van al die dinge wat hier gebeur het in die dae wat verby is nie?”

19Jesus het vir hulle gevra: “Watter dinge?” Hulle sê toe vir Jesus: “Al die dinge wat
gebeur het met Jesus, die man van Nasaret. Jesus was ’n profeet. Hy het wonderlike
dinge gedoen en gesê. God was by Hom en al die mense het van Hom geweet.

20Maar die priesterleiers en die leiers van ons volk het niks daarvan gehou nie. Hulle
het vir Jesus gaan beskuldig by Pilatus, hulle wou hê Pilatus moet sê dat Jesus moet
sterf. Toe het hulle vir Jesus gekruisig.

21Ons het gehoop Jesus is die Messias wat die volk Israel kon vrymaak. Maar dit het
nie gebeur nie, want Jesus het drie dae gelede gesterf.

22-23’n Paar vroue wat by ons is, het vroeg die oggend by die graf gekom en hulle het
nie Jesus se liggaam daar gekry nie. Ons was verbaas daaroor. Die vroue sê ook hulle
het engele gesien en die engele het gesê Jesus lewe.

24Party ander mense wat by ons is, het ook na die graf gegaan. Hulle het gesien alles
is presies soos die vroue gesê het. Maar hulle het nie vir Jesus gesien nie.”

25Toe sê Jesus vir die twee mans: “Hoekom verstaan julle nie wat gebeur het nie?
Hoekom wil julle nie glo wat die profete gesê het nie?

26Die profete het gesê die Christus moet eers swaarkry en dan sal Hy Koning word.”

27Toe het Jesus begin om vir hulle te verduidelik wat die boeke van Moses en die
profete en die ander boeke van die Ou Testament oor Hom sê.

28Toe hulle naby die dorpie kom waarnatoe hulle geloop het, het Jesus gemaak of Hy
verder wil loop.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29Maar die twee mans het vir Jesus gesê: “Nee, bly by ons, want dit is amper aand,
die dag is verby.” Jesus het toe saam met hulle by die huis ingegaan en Hy het by
hulle gebly.

30Toe hulle saam begin eet, het Jesus die brood geneem en Hy het vir God dankie
gesê daarvoor. Hy het die brood gebreek en dit vir die twee mans gegee.

31Toe het God hulle laat sien dat dit Jesus is. Maar toe het Jesus skielik verdwyn,
hulle kon Hom nie meer sien nie.

32Die mans het vir mekaar gesê: “Nou weet ons hoekom ons so opgewonde was toe
Hy met ons op die pad gepraat het en vir ons alles uit die Bybel verduidelik het.”

33Die twee mans het dadelik opgestaan en hulle het teruggegaan na Jerusalem. Hulle
het die elf apostels daar gekry en ook die ander mense by hulle.

34Die apostels en die ander mense het vir die mans vertel dat die Here regtig weer
lewe en dat Hy aan Simon verskyn het.

35Toe het die twee mans vir die apostels en die ander mense vertel wat alles gebeur
het. Hulle het gesê hulle het besef dit is Jesus toe Hy die brood gebreek het.

Jesus verskyn weer aan die dissipels

(Ook Matt 28:19-20; Joh 20:19-23)

36Die apostels was nog besig om oor hierdie dinge te praat, toe het Jesus tussen
hulle gestaan en vir hulle gesê: “God sal vir julle vrede gee.”

37Hulle het groot geskrik, hulle het gedink hulle sien ’n spook.

38Maar Jesus het vir hulle gesê: “Hoekom skrik julle so? En hoekom glo julle nie wat
julle sien nie?

39Kyk na my hande en my voete. Julle sal sien dit is Ek. Kom raak aan My, julle sal
sien Ek het ’n liggaam, ’n spook het nie vleis en been nie.”

40Jesus het dit gesê, en Hy het sy hande en sy voete vir hulle gewys.

41Hulle was bly maar hulle kon nie glo wat hulle sien nie en hulle het nie geweet wat
om te sê nie. Toe vra Jesus vir hulle: “Het julle hier iets wat Ek kan eet?”

42Hulle het vir Hom ’n stuk gaar vis gegee.

43Jesus het dit geneem en hulle het gekyk terwyl Hy dit eet.

44Daarna het Jesus vir hulle gesê: “Onthou julle wat Ek gesê het voor Ek gesterf het
en weer begin lewe het? Ek het toe vir julle gesê dat alles waar moet word wat in die
boeke van Moses geskryf is oor My, en ook in die boeke van die profete en in die
boek Psalms.”

45Toe het Jesus vir hulle gesê hoe hulle die Bybel moet verstaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

46Hy het vir hulle gesê: “Daar is in die Ou Testament geskryf dat die Christus sal swaarkry en dat Hy op die derde dag weer sal begin lewe.

47Daar is geskryf dat die mense wat in God glo, vir al die volke moet vertel dat God mense se sondes vergewe as hulle in Christus glo en as hulle verander en lewe soos God wil hê. Julle moet in Jerusalem begin

48en vir die mense vertel wat julle van My gesien en gehoor het.

49En onthou, Ek sal vir julle die Heilige Gees stuur wat my Vader belowe het. Maar julle moet in Jerusalem bly totdat God vir julle krag gegee het.”

Jesus gaan na die hemel

50Toe het Jesus gesê die apostels moet saam met Hom gaan. Hy het hulle geneem tot by die stad Betanië. Jesus het sy hande uitgesteek en Hy het hulle geseën.

51Hy het hulle geseën terwyl Hy weggegaan het van hulle. God het Hom na die hemel geneem.

52Die apostels het Jesus aanbid en daarna het hulle teruggegaan na Jerusalem. Hulle was baie bly.

53Hulle het elke dag na die tempel gegaan en hulle het God geprys.

© Bible Society of South Africa.

Johannes

Johannes 1

Die Woord het mens geword

1 Die Woord was daar voor alles begin het. Die Woord was by God en die Woord was
self God.

2 Hy was in die begin by God.

3 God en die Woord het alles gemaak. God het niks alleen gemaak nie. Hy en die
Woord het alles gemaak.

4 Die Woord het die lewe gebring, en hierdie lewe was die lig vir die mense.

5 Hierdie lig skyn in die donker, en die donker kon nie die lig doodmaak nie.

6 God het ’n man gestuur, sy naam was Johannes.

7 Hy het gekom om vir die mense te vertel van die lig, sodat almal wat dit hoor, kon
glo.

8 Johannes was nie self die lig nie, maar hy moes vir die mense kom vertel van die lig.

9 Die Woord was die ware lig. Hy moes vir al die mense lig bring. Hy het klaar begin
om na die wêreld te kom.

10 Die Woord was in die wêreld. God en die Woord het die wêreld gemaak, maar die
mense van die wêreld wou nie die Woord ken nie.

11 Hy het na sy eie mense toe gekom, maar hulle het Hom nie aanvaar nie.

12 Party mense het Hom aanvaar en hulle het in Hom geglo. Hy het vir hulle gesê
hulle mag kinders van God wees.

13 Elke mens het ’n pa, maar die kinders van God het nóg ’n pa. Hulle Vader is God
self.

14 Die Woord het mens geword en Hy het by ons kom woon. Toe ons die wonderlike
dinge sien wat Hy doen, het ons geweet dat Hy God is. Niemand anders was soos die
Woord nie, net Hy het van die Vader gekom. Hy het vir ons gewys dat God altyd
genadig is.

15 Johannes het vir die mense vertel van die Woord. Hy het gesê: “Hy is die Een, ek
het van Hom gepraat toe ek vir julle gesê het: ‘Iemand sal kom nadat ek gekom het.
Maar Hy is belangriker as ek, want Hy was daar lank voor my.’ ”

16 Die Woord is vol genade. Ons het genade gekry van Hom, baie genade.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Moses het die wette gebring, maar Jesus Christus het die genade gebring wat nooit ophou nie.

18Niemand het vir God gesien nie, nog nooit nie. Maar Jesus Christus het vir ons duidelik kom sê hoe God is. Niemand anders is soos Jesus nie, Hy is self God en Hy is altyd naby die Vader.

Die Jode probeer uitvind wie Johannes die Doper is

(Ook Matt 11:10; 3:3,11; Mark 1:2-3,7; Luk 7:27; 3:4,15-16)

19Die Jode het priesters en Leviete uit Jerusalem na Johannes toe gestuur. Hulle het vir hom gevra: “Wie is jy?” Johannes het toe vir hulle vertel.

20Hy het nie stilgebly daaroor nie, hy het reguit met hulle gepraat en gesê: “Ek is nie die Christus nie.”

21Toe vra hulle vir Johannes: “Wie is jy? Is jy Elia?” En hy sê: “Nee, ek is nie Elia nie.” Toe vra hulle: “Is jy die profeet?” Hy het geantwoord: “Nee.”

22Hulle het vir hom gesê: “Wie is jy? Sê vir ons, want ons moet dit gaan vertel vir die mense wat ons gestuur het. Wat sê jy oor jouself?”

23Johannes het gesê: Ek is die man wat in die woestyn skree en sê: Maak die pad gereed vir die Here! Dit is wat die profeet Jesaja gesê het.

24Die Jode het die mense na Johannes toe gestuur. Party van die mense was Fariseërs.

25Die Fariseërs het vir Johannes gesê: “Jy sê jy is nie die Christus of Elia of die profeet nie. Hoekom doop jy die mense?”

26Johannes het hulle geantwoord: “Ek doop met water. Maar daar is iemand by julle, julle ken Hom nie.

27Hy is die Een wat sal kom nadat ek gekom het. Hy is baie belangrik, ek is nie belangrik genoeg om sy sandale los te maak nie.”

28Dit het alles gebeur in die stad Betanië anderkant die Jordaan-rivier. Johannes het die mense daar gedoop.

Jesus is die Lam wat die sonde van die wêreld wegneem

(Ook Matt 3:13,16-17; Mark 1:9-11; Luk 3:21-22)

29Die volgende dag het Johannes gesien Jesus kom na hom toe. Johannes sê toe hard: “Kyk, daar is die Lam wat God vir ons gee! Hy sal die sonde van die wêreld wegneem.

30Ek het van Hóm gepraat toe ek gesê het: ‘Ek het gekom, en ná my sal ’n Man kom. Hy is belangriker as ek, want Hy was daar lank voor my.’

31Ek het Hom nie geken nie, maar ek het gekom om die mense van Israel met water te doop sodat hulle sal weet wie Hy is.”

© Bible Society of South Africa.

32Johannes het ook gesê: “Ek het gesien die Heilige Gees kom soos ’n duif uit die hemel en bly op Hom.

33Ek het Hom nie geken nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: ‘Jy sal sien die Gees kom af en bly op Hom. Dit is Hy wat die mense met die Heilige Gees sal doop.’

34Ek het dit self gesien. Daarom sê ek vir julle: Hierdie Man is die Seun van God.”

Jesus se eerste dissipels

(Ook Matt 4:18,20; 16:17-18; Mark 1:16,18; 3:16; Luk 5:8-10; 6:14)

35Die volgende dag het Johannes en twee van sy dissipels weer daar gestaan.

36Johannes het gesien Jesus loop verby. Johannes het hard gesê: “Kyk, daar is die Lam wat God vir ons gee!”

37Die twee dissipels het gehoor wat Johannes gesê het. Daarom het hulle begin om Jesus te volg.

38Jesus het omgedraai en Hy het gesien hulle volg Hom. Hy vra toe vir hulle: “Wat soek julle?” Hulle het geantwoord: “ Rabbi, waar woon U?” ’n Rabbi is iemand wat vir mense leer hoe om God te dien.

39Jesus sê toe vir hulle: “Kom kyk!” Hulle het gegaan en hulle het die plek gesien waar Hy woon. Dit was omtrent vier-uur die middag. Hulle het daardie hele dag by Jesus gebly.

40Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee dissipels wat gehoor het wat Johannes gesê het en wat toe saam met Jesus gegaan het.

41Andreas het eers sy broer Simon gaan soek en hy het vir Simon gesê: “Ons het die Messias gekry!” Messias beteken “Christus.”

42Andreas het vir Simon na Jesus toe gebring. Toe Jesus vir Simon sien, sê Hy: “Jy is Simon seun van Johannes. Jou naam sal nou Sefas wees.” Petrus is die Griekse woord vir Sefas.

Filippus en Natanael volg vir Jesus

43Die volgende dag het Jesus besluit om na die provinsie Galilea te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: “Volg My!”

44Filippus het in Betsaida gewoon. Dit was dieselfde stad waar Andreas en Petrus gewoon het.

45Filippus kry toe vir Natanael en sê vir hom: “Moses het in sy boeke geskryf oor die Man wat sal kom, en die profete het ook oor Hom geskryf. Ons het Hom gekry! Sy naam is Jesus. Hy is die seun van Josef en Hy kom van die stad Nasaret.”

46Maar Natanael het vir hom gesê: “Nasaret? Kan daar uit Nasaret iets kom wat goed is?” Filippus sê toe vir hom: “Kom kyk!”

© Bible Society of South Africa.

47Jesus het vir Natanael gesien nader kom en Hy het gesê: “Hierdie man is ’n ware Israeliet! Hy is nie vals nie.”

48Natanael vra toe vir Jesus: “Hoe weet U dit? Ken U my?” Jesus sê vir hom: “Ek het jou daar onder die vyeboom gesien voordat Filippus jou geroep het.”

49Natanael het vir Jesus gesê: “ Rabbi, U is die Seun van God! U is die Koning van Israel!”

50Jesus het vir hom gesê: “Jy glo in My omdat Ek vir jou gesê het Ek het jou daar onder die vyeboom gesien, maar jy sal nog dinge sien wat baie wonderliker is!”

51Jesus het ook vir hom gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Julle sal sien die hemel gaan oop en die engele van God gaan van My na God toe, en hulle kom van Hom na My toe, na My, die Seun van die mens.”

Johannes 2

Jesus verander water in wyn

1Twee dae later was daar ’n troue. ’n Man en ’n vrou het getrou in die stad Kana in Galilea. Jesus se ma was ook daar.

2Die mense het vir Jesus en sy dissipels ook genooi na die troue.

3Toe die wyn op was, het Jesus se ma vir Hom gesê: “Die wyn is op.”

4Jesus het vir haar gesê: “Mevrou, hoekom sê jy dit vir My? Dit is nog nie my tyd nie.”

5Jesus se ma sê toe vir die kelners: “Julle moet doen wat Jesus vir julle sê.”

6Daar was ses watervate van klip. Die Jode het die water in die vate gebruik om hulle te reinig. Daar was 90 tot 100 liter water in elke klipvat.

7Jesus het vir die kelners gesê: “Maak die vate vol water!” Hulle het die vate heeltemal volgemaak.

8Toe sê Jesus vir hulle: “Skep nou van die water en gee dit vir die hoofkelner!” Hulle het die water vir die hoofkelner gegee.

9Die hoofkelner het geproe dat die water wyn geword het. Hy het nie geweet van waar die wyn kom nie, maar die kelners wat die water geskep het, het geweet. Die hoofkelner het die bruidegom geroep

10en vir hom gesê: “’n Mens moet eers die goeie wyn vir jou gaste gee. Later, wanneer die mense baie gedrink het, gee ’n mens die wyn wat nie so goed is nie. Maar jy het die beste wyn gebêre tot nou toe!”

© Bible Society of South Africa.

11 Dit was die eerste wonderteken wat Jesus gedoen het. Hy het dit in die stad Kana
in Galilea gedoen. So het Jesus vir die mense gewys dat Hy ook God is, en daarom
het sy dissipels in Hom geglo.

12 Daarna het Jesus, sy ma, sy broers en sy dissipels na die stad Kapernaum gegaan,
maar hulle het nie lank daar gebly nie.

Jesus jaag die verkopers uit die tempel

(Ook Matt 21:12-13; Mark 11:15-17; Luk 19:45-46)

13 Dit was amper tyd vir die Joodse Paasfees. Daarom het Jesus na Jerusalem gegaan.

14 By die tempel het Hy mense gesien wat beeste, skape en duiwe verkoop. Daar het
ook mense gesit wat geld omruil.

15 Toe het Jesus tou geneem en Hy het ’n sweep gemaak. Hy het almal uit die tempel
gejaag, ook die skape en die beeste. Hy het die mense wat geld omruil, se geld op die
grond gegooi. Hy het hulle tafels ook omgegooi.

16 Hy het vir die mense wat duiwe verkoop, gesê: “Vat weg al hierdie goed! Julle
moenie ’n winkel maak van my Vader se tempel nie!”

17 Toe onthou sy dissipels dat daar in die Ou Testament geskryf is: Ek sal sterf omdat
Ek lief is vir u tempel.

18 Maar die Jode het vir Jesus gevra: “Wys vir ons ’n wonderteken om vir ons te
bewys dat jy al hierdie dinge mag doen.”

19 Jesus het vir hulle gesê: “Julle kan hierdie tempel afbreek, en Ek sal dit in drie dae
weer bou.”

20 Die Jode het gesê: “Die mense het 46 jaar gewerk om die tempel klaar te bou! En jy
sê jy sal dit in drie dae weer bou! Ons glo dit nie!”

21 Maar Jesus het van sy eie liggaam gepraat toe Hy van die tempel gepraat het.

22 Later, nadat Jesus gesterf het en toe Hy weer begin lewe het, het die dissipels
onthou wat Hy gesê het. Hulle het geglo wat in die Ou Testament geskryf is en wat
Jesus gesê het.

Jesus ken mense

23 Jesus was in Jerusalem om die Paasfees te vier. Baie mense het die wondertekens
gesien wat Hy gedoen het en daarom het hulle in Hom geglo.

24 Maar Jesus het hulle almal goed geken, en daarom het Hy geweet hulle glo nie
regtig nie.

25 Jesus het self geweet wat mense dink. Dit was nie nodig dat iemand vir Hom vertel
hoe mense is nie.

Johannes 3

© Bible Society of South Africa.

Jesus en Nikodemus

1Daar was ’n Fariseër, Nikodemus. Hy was ’n leier van die Jode.

2Hy het in die nag na Jesus toe gekom en vir Hom gesê: “ Rabbi, ons weet God het U gestuur om vir die mense te leer hoe om Hom te dien. Die wondertekens wat U doen, kan ’n mens net doen as God hom help.”

3Jesus het hom geantwoord: “Ek sê vir jou, en dit is seker: ’n Mens moet eers weer gebore word, dan sal hy weet God is sy Koning.”

4Nikodemus sê toe vir Hom: “Maar hoe kan ’n mens gebore word as hy klaar groot is? ’n Mens kan nie ’n tweede maal in sy ma ingaan en weer gebore word nie.”

5Jesus het vir hom gesê: “Ek sê vir jou, en dit is seker: Iemand moet eers uit water en uit Gees gebore word, dan sal hy weet God is sy Koning.

6Wanneer iemand gebore word uit ’n mens, dan is hy ’n mens. Maar wanneer iemand gebore word uit die Heilige Gees, dan is hy ’n mens wat ’n gees het wat waarlik lewe.

7Moenie verbaas wees dat Ek vir jou sê julle moet weer gebore word nie.

8Die wind waai waar hy wil. Jy kan die wind hoor, maar jy weet nie van waar dit kom en waarnatoe dit gaan nie. So is dit ook wanneer iemand uit die Gees gebore word.”

9Nikodemus het vir Jesus gevra: “Hoe gebeur dit?”

10Jesus het gesê: “Jy is iemand wat vir die mense van Israel leer om God te dien. Hoekom verstaan jy dit nie?

11Ek sê vir jou, en dit is seker: Ek en die mense wat aan My behoort, praat van dinge waarvan ons weet. Ons vertel van dinge wat ons self gesien het, maar julle glo niks wat ons vertel nie.

12Ek het met jou gepraat oor iets wat op die aarde gebeur, en jy het dit nie geglo nie. Sal julle dan glo wanneer Ek vir julle vertel van die dinge wat in die hemel gebeur? Nee, julle sal dit ook nie glo nie.

13Onthou, niemand het van die aarde na die hemel gegaan nie, net Ek het dit gedoen, Ek, die Seun van die mens, wat uit die hemel na die aarde gekom het.

14 Moses het die slang hoog aan ’n paal gehang in die woestyn. So moet die mense ook vir My, die Seun van die mens, hoog aan ’n kruis hang.

15Dan sal elkeen wat in My glo, die ewige lewe hê.”

Elkeen wat in Jesus glo, sal nie verlore gaan nie

16God is lief vir die mense, daarom het Hy sy Seun gegee. Daar is niemand soos die Seun nie. Elkeen wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie, maar sal die ewige lewe hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17 God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie.
Nee, God het Hom gestuur om hulle te red.

18 Niemand anders is soos die Seun nie. As iemand in die Seun glo, dan straf God hom
nie. Maar God straf nou elkeen wat nie in die Seun van God glo nie.

19 So skei God die mense van mekaar. Die lig het na die wêreld gekom, maar die
mense was lief vir die donker, nie vir die lig nie. Hoekom? Hulle was lief vir die
donker omdat hulle slegte dinge doen.

20 Iemand wat slegte dinge doen, hou nie van die lig nie. Hy kom nie na die lig toe nie,
want hy wil nie hê die mense moet sien wat hy doen nie.

21 Maar iemand wat lewe soos God wil hê, kom na die lig, want hy wil hê die mense
moet sien dat hy gehoorsaam is aan God.

Johannes die Doper praat weer oor Jesus

22 Daarna het Jesus en sy dissipels na die provinsie Judea gegaan. Hy het ’n kort
tydjie daar saam met sy dissipels gebly en Hy het mense gedoop.

23 Johannes was ook besig om mense te doop by Enon naby die stad Salim, want daar
was baie water. Die mense het daarnatoe gekom, en hy het hulle gedoop.

24 Johannes was toe nog nie in die tronk nie.

25 ’n Paar van Johannes se dissipels het met ’n Jood begin stry oor hoe ’n mens rein
kan word.

26 Hulle het na Johannes toe gegaan en hulle het vir hom gesê: “ Rabbi, daar was ’n
Man by jou anderkant die Jordaan-rivier. Jy het vir die mense vertel van Hom.
Daardie Man doop nou mense, en almal gaan na Hom toe.”

27 Toe sê Johannes: “Dit is God wat so besluit het.

28 Julle het gehoor ek het voorheen gesê ek is nie die Christus nie. God het my vóór
die Christus gestuur.

29 Onthou, die bruidegom is die een wat die bruid kry. Die bruidegom se vriend wat
staan en wag, is baie bly wanneer hy hoor die bruidegom kom. Daarom is ek nou so
bly.

30 Daardie Man moet meer en meer belangrik word, maar ek moet minder belangrik
word.”

Jesus is baie belangrik

31 Jesus kom uit die hemel en daarom is Hy belangriker as al die mense. Iemand wat
van die aarde kom, is van die aarde, en hy praat oor die dinge op die aarde. Iemand
wat van die hemel kom, is belangriker as almal.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

32Hy vertel van die dinge wat Hy gesien en gehoor het, maar niemand wil glo wat Hy vertel nie.

33Iemand wat glo wat Hy vertel, wys hy glo dat God regtig God is.

34God het die Seun gestuur. Die Seun sê vir die mense wat God vir Hom gesê het, want God gee sy hele Gees vir Hom.

35Die Vader is lief vir die Seun en Hy het alles vir die Seun gegee, sodat die Seun oor alles en almal kan regeer.

36Elkeen wat in die Seun glo, het die ewige lewe. Maar elkeen wat ongehoorsaam is aan die Seun, sal nie die lewe kry nie. God sal aanhou om hom te straf.

Johannes 4

Jesus en die Samaritaanse vrou

1Jesus het geweet dat die Fariseërs gehoor het dat Jesus meer dissipels kry as Johannes en dat Hy meer dissipels doop as Johannes.

2Maar Jesus het nie self mense gedoop nie, sy dissipels het hulle gedoop.

3Jesus het toe weggegaan uit die provinsie Judea en hy het teruggegaan na die provinsie Galilea.

4Hy moes deur die provinsie Samaria gaan.

5Hy kom toe by die stad Sigar in Samaria. Sigar was naby die stuk grond wat Jakob vir sy seun Josef gegee het.

6Die put van Jakob was daar. Jesus was moeg omdat hulle ver geloop het en Hy het by die put gaan sit. Dit was omtrent twaalfuur die middag.

7'n Vrou uit Samaria het daar kom water skep. Jesus het vir haar gevra: "Gee asseblief vir my water om te drink."

8Jesus was alleen, want sy dissipels het in die stad gaan kos koop.

9Die Samaritaanse vrou sê toe vir Jesus: "Jy is 'n Jood! Hoekom vra jy vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?" Sy het dit gesê omdat die Jode nie saam met die Samaritane wou wees nie.

10Jesus het vir die vrou gesê: "Jy weet nie wat God vir die mense wil gee nie. Jy weet ook nie wie dit is wat nou vir jou water vra om te drink nie. Jy weet nie, en daarom vra jy nie vir My nie, en daarom kan Ek nie vir jou water gee nie, water wat 'n mens waarlik laat lewe."

11Die vrou sê toe: "Meneer, jy het niks waarmee jy water kan skep nie, en hierdie put is diep. Waar sal jy die water kry wat 'n mens waarlik laat lewe?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Jy is nie beter as ons voorvader Jakob nie. Hy en sy seuns en sy diere het almal hier water gedrink en hy het hierdie put vir ons gegee."

13Jesus het vir haar gesê: "Elkeen wat van hierdie put se water drink, sal weer dors word.

14Maar wanneer iemand drink van die water wat Ek vir hom gee, dan sal hy nooit weer dors word nie. Die water wat Ek vir hom gee, sal binne-in hom word soos 'n fontein wat vir hom die ewige lewe gee."

15Die vrou sê toe vir Jesus: "Meneer, gee vir my van daardie soort water. Dan sal ek nie weer dors word nie en dan sal ek nie weer hier water moet kom haal nie."

16Jesus het vir haar gesê: "Gaan roep jou man en kom terug hiernatoe!"

17Die vrou het vir Hom gesê: "Ek het nie 'n man nie." Toe sê Jesus: "Jy praat die waarheid, jy het nie 'n man nie.

18Jy het vyf mans gehad en die man by wie jy nou bly, is nie jou man nie. Jy praat die waarheid."

19Die vrou sê toe vir Jesus: "Meneer, ek sien jy is 'n profeet.

20Ons voorvaders het God aanbid op hierdie berg, maar julle Jode sê Jerusalem is die regte plek waar ons God moet aanbid."

21Jesus het vir haar gesê: "Mevrou, glo My, daar sal 'n tyd kom wanneer mense die Vader nie hier op die berg sal aanbid nie, en ook nie in Jerusalem nie.

22Julle Samaritane aanbid God, maar julle ken Hom nie. Ons Jode ken Hom, want die Redder is 'n Jood.

23Ek het gesê daar sal 'n tyd kom, en die tyd is nou hier. Nou sal die Heilige Gees die mense help om God reg te aanbid. Die Vader wil graag mense hê wat Hom so aanbid.

24God is Gees. Daarom moet die mense wat Hom aanbid, vra dat die Gees hulle moet help om God reg te aanbid."

25Die vrou sê toe: "Ek weet daar sal 'n Messias kom. Die mense noem Hom ook die Christus. Wanneer Hy hier is, dan sal Hy vir ons alles vertel wat ons moet weet."

26Jesus sê toe vir haar: "Dit is Ek, Ek wat nou met jou praat."

Ander mense van Samaria glo ook in Jesus

27Jesus se dissipels het teruggekom. Hulle het gesien Jesus praat met 'n vrou en hulle was verbaas. Maar nie een van hulle het vir Hom gevra wat Hy van haar wil hê of hoekom Hy met haar praat nie.

28Die vrou het haar waterkruik daar gelos en sy het teruggegaan na die stad. Sy het vir die mense gaan sê:

© Bible Society of South Africa.

29“Julle moet kom kyk! Daar is ’n Man wat vir my alles vertel het wat ek gedoen het. Ek wonder of Hy die Christus is.”

30Die mense het uit die stad na Jesus toe gekom.

31Voordat die mense daar gekom het, het die dissipels vir Jesus gesê: “ Rabbi, U moet iets eet.”

32Maar Jesus het vir hulle gesê: “Ek het kos om te eet, maar julle weet nie wat dit is nie.”

33Toe vra die dissipels vir mekaar: “Het iemand miskien kos vir Hom gebring?”

34Jesus het vir hulle gesê: “My kos is om te doen wat God wil hê Ek moet doen. God het My na die wêreld gestuur. Ek moet alles klaar doen wat Hy gesê het.

35Wanneer julle na die koringlande kyk, dan sê julle: ‘Oor vier maande sal die koring ryp wees, dan kan ons die koring afsny.’ Maar Ek sê vir julle: Kyk na die mense wat daar aankom, hulle is soos koring wat klaar ryp is.

36Die man wat die koring afsny, kry nou al klaar sy beloning, want hy maak ’n oes bymekaar vir die ewige lewe. Dan sal die man wat saai en die man wat die koring afsny, saam bly wees.

37Dit is waar wat die mense altyd sê: ‘Een man saai die koring en ’n ander man kom sny dit af.’

38Ek het julle gestuur om koring te gaan afsny, maar julle het dit nie gesaai nie. Ander mense het gesaai, maar julle maak die koring bymekaar.”

39Baie van die Samaritane in daardie stad het in Jesus geglo omdat die vrou vir hulle gesê het Jesus het vir haar alles vertel wat sy gedoen het.

40Toe die Samaritane by Jesus kom, het hulle vir Hom gevra om by hulle te bly. Hy het twee dae daar gebly.

41Nog baie meer Samaritane het in Jesus geglo toe hulle gehoor het wat Hy alles sê.

42Hulle het vir die vrou gesê: “Ons het eers geglo omdat jy vir ons vertel het van Jesus. Maar nou het ons self na Hom geluister. Nou weet ons Hy is die Redder van die wêreld.”

Jesus maak ’n belangrike amptenaar se seun gesond

(Ook Matt 8:5-8,13; Luk 7:1-4,7,10)

43Twee dae later het Jesus na die provinsie Galilea gegaan.

44Jesus het eendag gesê ’n profeet se eie mense dink nie hy is belangrik nie.

45Toe Jesus in Galilea kom, was die Galileërs baie vriendelik met Hom. Hulle was ook by die fees in Jerusalem en hulle het alles gesien wat Hy daar gedoen het.

© Bible Society of South Africa.

46Jesus het weer na Kana in Galilea gegaan. Dit is die stad waar Hy die water in wyn verander het. In die stad Kapernaum was daar ’n amptenaar van die koning. Sy seun was baie siek.

47Die amptenaar het gehoor dat Jesus van die provinsie Judea na Galilea gekom het. Hy het na Jesus toe gegaan. Hy het vir Jesus gevra om na Kapernaum te kom en sy seun gesond te maak, want sy seun was baie siek, hy was amper dood.

48Jesus het vir hom gesê: “Julle wil altyd wondertekens en wonderwerke sien. As julle dit nie sien nie, dan wil julle nie glo nie!”

49Die amptenaar van die koning sê toe vir Jesus: “Here, kom asseblief gou voor my seuntjie sterf!”

50Jesus het vir hom gesê: “Jy mag huis toe gaan. Jou seun sal nie sterf nie.” Die man het geglo wat Jesus vir hom gesê het en hy het huis toe gegaan.

51Terwyl hy huis toe gaan, het sy slawe by hom gekom. Hulle het vir hom gesê sy kind is gesond.

52Die man het vir sy slawe gevra wanneer die kind beter geword het, en hulle het gesê: “Gistermiddag eenuur, toe het hy nie meer koors gehad nie.”

53Die pa het toe besef dit was dieselfde tyd toe Jesus vir hom gesê het: “Jou seun sal nie sterf nie.” Hy en almal in sy huis het toe in Jesus geglo.

54Dit was die tweede wonderteken wat Jesus in Kana gedoen het. Hy het dit gedoen nadat Hy uit Judea in Galilea gekom het.

Johannes 5

Jesus maak ’n siek man gesond by die Betesda-dam

1Later was daar weer ’n Joodse fees, en Jesus het na Jerusalem gegaan.

2By die Skaap-poort in Jerusalem was daar ’n dam. Die Hebreeuse naam van die dam was Betesda.

3By die dam was vyf gange met pilare. Daar het baie siek mense gelê. Hulle was blind of verlam of kreupel.

5Daar het ’n man gelê wat 38 jaar lank siek was.

6Jesus het die man daar sien lê en Hy het geweet dat die man baie lank siek was. Toe vra Jesus vir hom: “Wil jy gesond word?”

7Die siek man het vir Jesus gesê: “Meneer, ek het niemand om my in die dam te sit wanneer die water begin beweeg nie. Elke maal wanneer ek probeer om in die water te kom, gaan iemand anders voor my in die water.”

© Bible Society of South Africa.

8Jesus sê toe vir hom: “Staan op, neem jou slaapmat en loop!”

9Die man het dadelik gesond geword. Hy het sy slaapmat geneem en begin loop. Dit het op ’n Sabbatdag gebeur.

10Die Jode sê toe vir die man wat gesond geword het: “Dit is ’n Sabbatdag. Jy mag nie jou slaapmat op die Sabbatdag dra nie!”

11Die man het vir die Jode gesê: “Die man wat my gesond gemaak het, het gesê ek moet my slaapmat neem en loop.”

12Die Jode het vir hom gevra: “Wie is die man wat vir jou gesê het jy moet jou slaapmat neem en loop?”

13Die man wat gesond geword het, het nie geweet wie dit was wat hom gesond gemaak het nie. Jesus was ook nie meer daar nie. Hy het weggegaan omdat daar so baie mense was.

14Later het Jesus die man in die tempel gekry. Jesus het vir hom gesê: “Jy is nou gesond. Jy moenie weer sonde doen nie, want dan sal iets met jou gebeur wat slegter is as die siekte wat jy gehad het.”

15Toe gaan sê die man vir die Jode dit is Jesus wat hom gesond gemaak het.

16Die Jode het begin om slegte dinge te doen aan Jesus omdat Hy die man op ’n Sabbatdag gesond gemaak het.

17Jesus het vir hulle gesê: “My Vader werk nog altyd, ook op die Sabbatdag. Daarom doen Ek dit ook.”

18Die Jode het van toe af hard probeer om Jesus dood te maak. Hulle wou Hom doodmaak omdat Hy nie gedoen het wat die wette oor die Sabbatdag sê nie, maar ook omdat Jesus gesê het God is sy Vader, en dit het beteken Jesus sê Hy is ook God.

Jesus kan lewe gee en mense oordeel

19Jesus het vir die Jode gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Ek is die Seun, maar die Seun mag nie self besluit om iets te doen nie, Hy doen net wat Hy gesien het sy Vader doen. Alles wat die Vader doen, doen die Seun ook.

20Die Vader is lief vir die Seun en die Vader wys vir die Seun alles wat die Vader self doen. Die Vader sal vir die Seun dinge wys wat wonderliker is as om ’n siek man gesond te maak. Wanneer die Seun hierdie wonderlike dinge doen, dan sal julle verbaas wees.

21“Die Vader laat mense opstaan wat gesterf het, Hy laat hulle weer lewe. Die Seun doen dieselfde, Hy laat ook mense weer lewe, die mense wat Hy wil laat lewe.

22Die Vader oordeel niemand nie. Nee, Hy sê die Seun kan die mense oordeel.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Daarom moet almal die Seun eer, soos hulle die Vader eer. As iemand die Seun nie
eer nie, dan eer hy ook nie die Vader nie, die Vader wat die Seun na die wêreld
gestuur het.

24“Ek sê vir julle, en dit is seker: Die mense wat luister na wat Ek, die Seun, sê, en wat
glo in God wat My gestuur het, daardie mense het klaar die ewige lewe. Hulle is nie
meer geestelik dood nie, hulle lewe.

25Ek sê vir julle, en dit is seker: Daar sal iets gebeur, ja, dit het al klaar begin gebeur:
Die mense wat geestelik dood is, sal nou die stem van die Seun van God hoor. Almal
wat dit hoor en glo, sal geestelik weer begin lewe.

26“Die Vader lewe en Hy laat mense lewe. Hy het hierdie lewe ook vir die Seun gegee
sodat die Seun ook mense kan laat lewe.

27Die Vader het ook gesê die Seun mag oordeel, want Hy is die Seun van die mens.

28Julle moenie verbaas wees hieroor nie. Daar sal ’n tyd kom wanneer almal wat nou
klaar dood is en in hulle grafte lê, sal hoor dat die Seun hulle roep.

29Almal wat reg gelewe het, sal uitkom uit hulle grafte. Hulle sal weer begin lewe
sodat hulle die ewige lewe kan kry. Almal wat sleg gelewe het, sal weer begin lewe
sodat die Seun hulle kan oordeel.

30Ek, die Seun, mag nie self besluit om iets te doen nie. Ek luister eers wat die Vader
vir My sê, dan oordeel Ek. Ja, Ek oordeel regverdig, want dit is nie Ék wat besluit wat
Ek moet doen nie. Ek doen net wat die Vader wil hê, Hy wat My na die wêreld
gestuur het.”

Daar is baie getuies wat sê wie Jesus is

31Jesus het vir die Jode gesê: “As Ek self sê wie Ek is, dan beteken my woorde niks.

32Maar daar is iemand Anders wat sê wie Ek is. Dit is God. Ek weet dat die dinge wat
Hy van My sê, waar is.

33Julle het mense na Johannes die Doper toe gestuur en hy het die waarheid oor My
gepraat.

34Maar dit is nie nodig dat mense moet sê wie Ek is nie. Ek sê dit vir julle sodat julle
kan glo en sodat God julle kan red.

35Johannes was soos ’n lamp wat brand en helder skyn, en julle was ’n kort tydjie bly
oor sy lig.

36“Daar is ander dinge wat sê wie Ek is, daardie dinge sê dit beter as wat Johannes
dit gesê het. Dit is alles wat die Vader gesê het Ek moet doen. Die dinge wat Ek doen,
wys dat die Vader My na die wêreld gestuur het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

37"Die Vader wat My gestuur het, het ook gesê wie Ek is. Julle het die Vader se stem
nog nooit gehoor nie. Julle het nog nooit gesien hoe Hy lyk nie.

38Julle het nie die Vader se boodskap in julle harte nie, want die Vader het My na die
wêreld gestuur, maar julle glo nie in My nie.

39Julle lees die Ou Testament om uit te vind hoe julle die ewige lewe kan kry, en dit
is die Ou Testament wat sê wie Ek is.

40Maar julle wil nie na My toe kom en die ewige lewe kry nie.

41Ek vra nie dat mense My moet eer nie.

42Ek ken julle. Ek weet daar is nie liefde vir God in julle harte nie.

43"Dit is nie Ek wat besluit het om na die wêreld te kom nie. Die Vader het My
gestuur, maar julle aanvaar My nie. Maar as iemand anders self besluit om te kom,
dan sal julle hom aanvaar.

44Julle kán nie glo nie, want julle wil eer hê van mekaar, nie eer van die enigste God
nie.

45Julle moenie dink dit is Ek wat vir die Vader sal sê wat julle verkeerd gedoen het
nie. Julle het gedink Moses sal julle help, maar dit is hý wat vir die Vader sê wat julle
verkeerd gedoen het.

46Julle het nie vir Moses geglo nie, Moses wat oor My geskryf het. Daarom glo julle
ook nie in My nie.

47As julle nie glo wat Moses geskryf het nie, dan sal julle ook nie glo wat Ek sê nie."

Johannes 6

Jesus gee vir baie mense kos

(Ook Matt 14:13-14,16-21; Mark 6:32-34,37-44; Luk 9:10-11,13-17)

1Jesus het na die ander kant van die See van Galilea gegaan. Die mense het dit ook
die See van Tiberias genoem.

2Baie mense het saam met Jesus gegaan, want hulle het die wondertekens gesien
toe Hy siek mense gesond gemaak het.

3Jesus het teen die berg opgegaan en Hy en sy dissipels het daar gaan sit.

4Die Joodse Paasfees was naby.

5Jesus het gesien baie mense kom na Hom toe. Toe sê Hy vir Filippus: "Waar gaan
ons brood koop vir al hierdie mense om te eet?"

6Jesus het dit gesê omdat Hy wou kyk wat Filippus gaan doen. Jesus het klaar geweet
wat Hy gaan doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Filippus het vir Jesus gesê: “As ons 200 silwer geldstukke het, sal dit te min wees
om vir elkeen van hierdie mense ’n stukkie brood te koop.”

8Simon Petrus se broer, Andreas, was een van Jesus se dissipels. Hy het vir Jesus
gesê:

9“Hier is ’n seuntjie wat vyf garsbrode en twee visse het, maar dit is te min vir so
baie mense.”

10Jesus het vir die dissipels gesê: “Julle moet vir die mense sê hulle moet gaan sit.”
Daar was genoeg gras waarop die mense kon sit. Daar was baie mense. Die mans was
omtrent 5 000.

11Toe het Jesus die brood geneem. Hy het gebid en vir God dankie gesê vir die brood.
Jesus het die brood gegee vir die mense wat daar sit. Hy het ook vir hulle van die vis
gegee. Daar was baie kos, die mense kon genoeg eet.

12Toe die mense genoeg geëet het, sê Jesus vir sy dissipels: “Julle moet al die
stukkies kos optel wat oorgebly het. Ons moet dit nie mors nie.”

13Die dissipels het die stukkies bymekaargemaak. Daar het twaalf mandjies vol
oorgebly nadat die mense van die vyf garsbrode geëet het.

14Die mense het gesien dat Jesus ’n wonderteken gedoen het. Hulle sê toe: “Nou
weet ons Hy is die Profeet wat na die wêreld toe kom.”

15Die mense wou Jesus gryp en Hom koning maak. Maar toe Jesus dit sien, het Hy
weer weggegaan na die berg. Hy het alleen gegaan.

Jesus loop op die see

(Ook Matt 14:22-27; Mark 6:45-52)

16Dit het aand geword, en Jesus se dissipels het na die see gegaan.

17Hulle het in ’n boot geklim en hulle het probeer om oor die see na die stad
Kapernaum te gaan. Later was dit donker en Jesus het nog nie na hulle toe gekom
nie.

18Die branders op die see was wild, want daar het ’n sterk wind gewaai.

19Toe die dissipels omtrent 25 of 30 stadioi geroei het, sien hulle vir Jesus. Hy het op
die see geloop en Hy het naby die boot gekom. Die dissipels het bang geword,

20maar Jesus het vir hulle gesê: “Dit is Ek! Julle moenie bang wees nie.”

21Toe wou die dissipels hê Jesus moet in die boot klim. Dadelik daarna het hulle met
die boot by die plek aangekom waarnatoe hulle wou gaan.

Die mense soek vir Jesus

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22Die volgende dag het die mense wat nog anderkant die see was, gesien daar is net een bootjie. Hulle het geweet Jesus het nie saam met sy dissipels in die boot geklim nie, die dissipels het alleen weggegaan.

23Daar het ook ander bootjies van die stad Tiberias aangekom naby die plek waar die mense die brood geëet het nadat die Here Jesus gebid en vir God dankie gesê het.

24Die mense het gesien Jesus en sy dissipels is nie daar nie. Hulle het toe in die bootjies geklim en hulle het na die stad Kapernaum gegaan om vir Jesus te soek.

Jesus is die brood wat geestelike lewe gee

25Toe die mense vir Jesus daar in Kapernaum kry, vra hulle vir Hom: “Rabbi, wanneer het U hiernatoe gekom?”

26Jesus het vir hulle gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Julle soek My, maar nie omdat julle die wondertekens gesien het wat Ek doen nie. Julle soek My omdat julle so lekker brood geëet het.

27Julle moenie net werk om kos te kry nie, kos wat sleg word. Julle moet alles doen om die kos te kry wat goed bly tot in die ewige lewe. Ek, die Seun van die mens, sal vir julle daardie soort kos gee. Ek kan dit doen, want God die Vader het gesê Ek mag dit doen.”

28Toe vra die mense vir Jesus: “Wat moet ons doen as ons wil doen wat God wil hê?”

29Jesus het vir hulle gesê: “As julle wil doen wat God wil hê, dan moet julle in My glo, want God het My na die wêreld gestuur.”

30Toe sê die mense vir Jesus: “Watter wonderteken sal jy doen sodat ons dit kan sien en in jou kan glo? Wat sal jy doen?

31Ons voorvaders het manna in die woestyn geëet. In die Ou Testament is geskryf: “ Hy het vir hulle brood gegee om te eet, die brood wat uit die hemel kom.”

32Jesus het vir die mense gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Julle dink dit is Moses wat vir julle die brood gegee het wat uit die hemel gekom het. Nee, dit is my Vader wat nou vir julle die regte brood gee wat uit die hemel kom.

33Die brood wat God gee, is Iemand wat uit die hemel kom om vir die mense van die wêreld die ware lewe te gee.”

34Die mense het vir Jesus gevra: “Meneer, jy moet altyd vir ons van hierdie brood gee.”

35Jesus het vir hulle gesê: “Ek is die brood wat die lewe gee. Almal wat na My toe kom, sal nooit geestelik honger word nie. Almal wat in My glo, sal nooit geestelik dors word nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

36Maar Ek het klaar vir julle gesê dat julle sien wat Ek doen, maar julle glo nie in My nie.

37Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom. Ek sal iemand wat na My toe kom, nooit wegjaag nie.

38Ek het uit die hemel gekom, nie om self te besluit wat Ek wil doen nie, maar om te doen wat die Vader wil hê Ek moet doen, die Vader wat My gestuur het.

39Die Vader wat My gestuur het, wil hê Ek moenie een van die mense wat Hy vir My gegee het, laat verlore gaan nie. Hy wil hê Ek moet hulle op die laaste dag weer laat lewe.

40My Vader wil hê elkeen wat My sien en wat glo in My, die Seun, moet die ewige lewe kry. Ek sal hulle almal op die laaste dag weer laat lewe."

41Die Jode was baie ontevrede en hulle het oor Jesus begin kla. Hulle het nie daarvan gehou dat Jesus gesê het Hy is die brood wat uit die hemel kom nie.

42Die Jode het vir mekaar gesê: "Jesus is die seun van Josef, ons ken sy pa en sy ma. Hy kan nie sê dat hy uit die hemel kom nie."

43Jesus het vir hulle gesê: "Julle moet ophou kla.

44My Vader het My na die wêreld gestuur. As die Vader iemand nie trek nie, dan kan daardie persoon nie na My toe kom nie, en Ek sal hom op die laaste dag weer laat lewe.

45Een van die profete in die Ou Testament het geskryf: " Hulle sal almal God se leerlinge wees. "Dit beteken dat elkeen wat na die Vader luister en wat by Hom leer, na My toe kom.

46Dit beteken nie dat iemand anders ook die Vader gesien het nie. Net Ek het die Vader gesien, Ek wat van God kom.

47Ek sê vir julle, en dit is seker: Elkeen wat in My glo, sal altyd lewe.

48Ek is die brood wat die ewige lewe gee.

49Julle voorvaders het manna geëet in die woestyn, maar hulle het later gesterf.

50Maar die brood wat uit die hemel kom, is anders. Elkeen wat van hierdie brood eet, sal nooit sterf nie.

51Ek is die brood wat self lewe en wat ook lewe gee. Ek kom uit die hemel. As iemand van hierdie brood eet, dan sal hy altyd lewe. Die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die mense van die wêreld altyd kan lewe."

52Die Jode het toe baie met mekaar gestry en gesê: "Hoe kan Jesus vir ons sy liggaam gee om te eet?"

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

53Jesus het vir hulle gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Ek is die Seun van die mens.
As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, dan sal
julle nie altyd lewe nie.

54Iemand wat my liggaam eet en my bloed drink, sal altyd lewe. Ek sal hom op die
laaste dag weer laat lewe.

55Dit sal gebeur, want my liggaam en my bloed is die ware kos.

56Wanneer iemand my liggaam eet en my bloed drink, dan is Ek by hom en hy is by
My.

57Die Vader lewe. Hy het My gestuur en Hy laat My lewe. So laat Ek ook almal lewe
wat my liggaam eet.

58Julle moet verstaan dat die brood wat uit die hemel gekom het, heeltemal anders
is as die manna wat julle voorvaders in die woestyn geëet het. Hulle het nie
aangehou lewe nie, hulle het gesterf, maar iemand wat hierdie brood uit die hemel
eet, sal altyd lewe.”

59Jesus het al hierdie dinge oor die brood wat uit die hemel kom, vir die mense
geleer in die sinagoge in Kapernaum.

Jesus se woorde laat mense altyd lewe

(Ook Matt 16:16; Mark 8:29; Luk 9:20)

60Baie van Jesus se dissipels het gehoor wat Hy sê oor die brood uit die hemel. Hulle
sê toe: “Die dinge wat Jesus sê, is baie moeilik om te verstaan. Ons wil dit nie hoor
nie.”

61Niemand het dit vir Jesus gesê nie, maar Hy het geweet dat sy dissipels kla. Hy het
vir hulle gevra: “Hou julle nie van die dinge wat Ek sê nie?

62Wat sal julle sê wanneer julle sien dat Ek, die Seun van die mens, teruggaan na die
hemel waar Ek voorheen was?

63Dit is die Heilige Gees wat vir julle waarlik weer laat lewe. Julle kan dit nie self doen
nie. Wanneer Ek met julle praat, dan kom die Gees na julle toe en Hy laat julle
waarlik lewe.

64Maar party van julle glo nie in My nie.” Jesus het van die begin af geweet wie nie in
Hom sal glo nie. Hy het ook van die begin af geweet wie Hom sal verraai.

65Jesus het ook vir hulle gesê: “Dit is hoekom Ek vir julle gesê het niemand kan self
na My toe kom nie. Die Vader bring hom na My toe.”

66Hieroor het baie van Jesus se dissipels teruggegaan. Hulle wou nie langer saam met
Jesus gaan nie.

67Toe vra Jesus vir die twaalf dissipels: “En julle, wil julle ook weggaan?”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

68Simon Petrus het vir Jesus gesê: “Nee, Here, daar is niemand na wie toe ons kan gaan nie. Die dinge wat U sê, laat mense altyd lewe.

69Ons glo en weet dat U die Heilige is wat van God kom.”

70Jesus het vir hulle gesê: “Ek het twaalf van julle gekies om dissipels te wees, maar een van julle is ’n duiwel!”

71Jesus het gepraat van Judas, die seun van Simon Iskariot. Judas was een van Jesus se dissipels, maar hy het later vir Jesus verraai.

Johannes 7

Jesus se broers glo nie in Hom nie

1Jesus het toe na baie plekke in die provinsie Galilea gegaan. Hy wou nie na die provinsie Judea gaan nie, want die Jode wou Hom daar doodmaak.

2Die Jode se Hutte-fees was naby.

3Jesus se broers het vir Hom gesê: “Jy moet hier weggaan en na Judea gaan. Dan kan jou dissipels die wonderwerke sien wat jy doen.

4Dit help nie ’n mens doen iets waar niemand dit kan sien nie, want dan moet jy nie dink almal sal weet van jou nie. Wanneer jy hierdie wonderwerke doen, moet jy dit só doen dat al die mense kan sien dit is jý wat dit doen.”

5Jesus se broers het nie in Hom geglo nie.

6Toe sê Jesus vir hulle: “Dit is nog nie my tyd nie. Julle doen met julle tyd wat julle wil.

7Die mense van die wêreld kan julle nie haat nie, maar hulle haat My, want Ek sê hulle doen slegte dinge.

8Julle kan na die fees gaan. Ek gaan nie na die fees nie, want dit is nog nie my tyd nie.”

9Nadat Jesus dit alles vir sy broers gesê het, het Hy in die provinsie Galilea gebly.

Jesus by die Hutte-fees

10Jesus se broers het na die fees gegaan. Later het Jesus self ook na die fees gegaan, maar die mense het dit nie geweet nie.

11Daar by die fees het die Jode na Jesus gesoek. Hulle het gevra: “Waar is daardie man?”

12Die mense het baie oor Jesus gepraat. Party mense het gesê: “Jesus is ’n goeie man.” Ander mense het gesê: “Nee, hy lieg vir die mense.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Die mense het nie hard gesê wat hulle van Jesus dink nie, hulle wou nie hê die Jode moet dit hoor nie, want hulle was bang vir die Jode.

14Op die vierde dag van die fees het Jesus na die tempel gegaan en Hy het vir die mense begin leer.

15Die Jode was verbaas. Hulle het gesê: “Niemand het vir hierdie man geleer nie. Hoe weet hy so baie dinge?”

16Jesus het vir hulle gesê: “Dit wat Ek vir julle leer, kom nie van My nie. Dit kom van God wat My na die wêreld gestuur het.

17Iemand wat doen wat God wil hê, sal weet of die dinge wat Ek vir julle leer, van God kom en of dit van Myself kom.

18Iemand wat vir ander mense dinge leer wat van homself kom, doen dit sodat die mense kan dink hy is belangrik. Ek doen dit nie. Ek wil hê dat die mense moet weet God is belangrik, God wat My na die wêreld gestuur het. Daarom kan die mense My glo. Ek is nie vals nie.

19Moses het vir julle wette gegee, maar nie een van julle doen wat die wette sê nie. Hoekom probeer julle My doodmaak?”

20Die mense het vir Jesus gesê: “Jy is mal, niemand probeer jou doodmaak nie.”

21Jesus het vir hulle gesê: “Ek het net een wonderwerk gedoen, en julle is verbaas omdat Ek dit op die Sabbatdag gedoen het.

22Moses het vir julle geleer om julle seuns te besny. Maar dit was nie net Moses nie, julle voorvaders het dit ook gedoen. En julle besny ook partymaal seuns op die Sabbatdag.

23Julle besny iemand op die Sabbatdag om gehoorsaam te wees aan die Wette van Moses. Hoekom is julle nou kwaad vir My wanneer Ek ’n mens se hele liggaam op die Sabbatdag gesond maak?

24Julle moenie na iemand se buitekant kyk en dan sê hy doen verkeerd nie. Julle moet regverdig wees.”

Die mense wonder of Jesus die Christus is

25Party van die mense in Jerusalem het gesê: “Daar is die man, die mense wil hom doodmaak.

26Hier praat hy nou voor al die mense en niemand sê hy praat verkeerd nie. Miskien dink die leiers hy is die Christus.

27Maar hierdie man kan nie die Christus wees nie, want ons weet van waar hy kom. Wanneer die Christus kom, dan sal niemand weet van waar Hy kom nie.”

© Bible Society of South Africa.

28Jesus het vir die mense in die tempel geleer en Hy het hard gesê: “Julle sê julle ken
My en julle weet van waar Ek kom. Dit is nie waar nie. Ek het nie self besluit om na
die wêreld te kom nie, God het My gestuur. Wat Hy doen, is reg. Maar julle ken Hom
nie.

29Ek ken Hom, want Ek kom van Hom. Dit is Hy wat My gestuur het.”

30Toe het die mense probeer om Jesus te vang, maar niemand kon dit doen nie. Dit
was nog nie sy tyd nie.

31Baie van die mense het in Hom geglo. Hulle het gesê: “Wanneer die Christus kom,
sal Hy dan meer wondertekens doen as hierdie man? Nee.”

Die priesterleiers en die Fariseërs stuur wagte om Jesus te vang

32Die Fariseërs het gehoor wat die mense oor Jesus sê. Daarom het
die priesterleiers en die Fariseërs wagte gestuur om Jesus te vang.

33Jesus het vir hulle gesê: “Ek sal nog ’n kort tydjie by julle wees. Dan gaan Ek terug
na God toe wat My na die wêreld gestuur het.

34Julle sal My soek, maar julle sal My nie kry nie. Julle sal nie kan gaan waar Ek sal
wees nie.”

35Toe het die Jode vir mekaar gesê: “Waarnatoe sal hy gaan waar ons hom nie sal kry
nie? Gaan hy miskien by die Grieke woon en vir hulle leer?

36Wat beteken dit wanneer hy sê: ‘Julle sal My soek en My nie kry nie,’ en ‘Julle sal
nie kan gaan waar Ek sal wees nie’?”

Jesus praat oor die Heilige Gees

37Die laaste dag van die fees was die belangrikste dag. Op daardie dag het Jesus
opgestaan en hard gesê: “As iemand dors is en hy wil lewe, dan kan hy na My toe
kom en water kom drink wat die ewige lewe gee.

38Dit sal wees soos daar in die Ou Testament geskryf is: “ As iemand in My glo, dan
sal die water soos fonteine uit hom vloei, die water wat die ewige lewe gee.”

39Toe Jesus dit gesê het, het Hy van die Heilige Gees gepraat. Almal wat in Jesus
geglo het, het later die Heilige Gees ontvang. God het eers vir hulle gewys dat Jesus
ook God is, daarna het hulle die Gees ontvang.

Die mense stry oor Jesus

40Toe party van die mense hoor wat Jesus sê, sê hulle: “Hierdie man is regtig die
Profeet.”

41Party mense het gesê: “Hy is die Christus.” Maar ander mense het gesê: “Nee, die
Christus sal nie kom nie uit die provinsie Galilea nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

42In die Ou Testament is geskryf dat die Messias van die nageslag van Dawid kom. Daar is ook geskryf dat die Messias van Betlehem kom, die dorpie waar Dawid gewoon het."

43Toe het die mense gestry oor Jesus.

44Party van hulle wou Hom vang, maar niemand kon dit doen nie.

Die leiers glo nie in Jesus nie

45Die wagte het teruggegaan na die priesterleiers en die Fariseërs. Die priesterleiers en die Fariseërs het vir die wagte gevra: "Hoekom het julle nie vir Jesus gebring nie?"

46Die wagte het gesê: "Ons het nog nooit iemand hoor praat wat soos Jesus gepraat het nie."

47Die Fariseërs sê toe vir hulle: "Jesus het vir julle ook gelieg, en julle het dit geglo.

48Glo een van die leiers of die Fariseërs in Jesus? Nee, niemand nie!

49Maar hierdie mense wat in Jesus glo, ken nie die Ou Testament nie. God sal hulle straf."

50 Nikodemus wat vroeër in die nag na Jesus toe gekom het, was een van die Fariseërs. Hy sê toe vir die Fariseërs en die priesterleiers:

51"Ons wette sê ons moet eers na iemand luister en ons moet presies weet wat hy gedoen het, dan kan ons hom oordeel."

52Die Fariseërs sê toe vir Nikodemus: "Jy praat nou soos iemand wat uit die provinsie Galilea kom. Gaan lees in die Ou Testament en jy sal sien dat 'n profeet nooit uit die provinsie Galilea kom nie."

Jesus vergewe 'n vrou wat egbreuk gepleeg het

53[Al die mense het na hulle huise gegaan,

Johannes 8

1maar Jesus het na die Olyf-berg gegaan.

2Vroeg die volgende oggend het Hy weer na die tempel gegaan. Al die mense het na Jesus toe gekom. Hy het gaan sit en Hy het vir hulle geleer.

3Iemand het gesien 'n vrou pleeg egbreuk. Hy het dit vir die skrifgeleerdes en die Fariseërs vertel. Hulle het die vrou na Jesus toe gebring en hulle het haar laat staan waar almal haar kon sien.

4Hulle het vir Jesus gesê: "Meneer, iemand het gesien hierdie vrou pleeg egbreuk.

5Die Wette van Moses sê ons moet vroue wat dit doen, doodgooi met klippe. Wat sê jy, wat moet ons doen?"

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6Hulle het dit vir Jesus gevra, want hulle wou hê Hy moes iets sê wat verkeerd is, dan kon hulle Hom daaroor beskuldig by die Joodse Raad. Maar Jesus het gebuk en Hy het met sy vinger op die grond geskryf.

7Hulle het aangehou om vir Jesus te vra wat Hy dink hulle moet doen. Toe het Jesus opgestaan en Hy het vir hulle gesê: “As daar een van julle is wat nog nooit sonde gedoen het nie, dan moet hy haar eerste met ’n klip gooi!”

8Jesus het weer gebuk en Hy het op die grond geskryf.

9Toe die mense hoor wat Jesus sê, het hulle almal weggegaan. Die leiers het eerste weggegaan, en toe het die ander mense begin weggaan. Net Jesus het daar gebly en die vrou het nog voor Hom gestaan.

10Jesus het regop gestaan en Hy het vir die vrou gevra: “Mevrou, waar is die mense wat jou beskuldig het? Het iemand gesê die mense moet jou doodgooi met klippe?”

11Sy het gesê: “Nee, niemand nie, Here.” Jesus het vir haar gesê: “Ek doen dit ook nie. Jy mag gaan, maar jy moenie weer die sonde doen nie.”]

Jesus is die lig vir die wêreld

12Jesus het weer met die mense gepraat. Hy het gesê: “Ek is die lig vir die mense van die wêreld. Elkeen wat My volg, sal nie in die donker loop nie. Hy sal die lig hê wat lewe gee.”

13Die Fariseërs het vir Jesus gesê: “Jy praat oor jouself. Ons kan nie glo wat jy oor jouself sê nie.”

14Jesus het vir hulle gesê: “Ja, Ek praat oor Myself, maar wat Ek oor Myself sê, is waar, want Ek weet van waar Ek kom en waarnatoe Ek gaan. Julle weet nie van waar Ek kom of waarnatoe Ek gaan nie.

15Julle kyk na mense se buitekant en dan oordeel julle die mense. Ek oordeel niemand nie.

16Wanneer Ek mense oordeel, dan oordeel Ek reg, want dit is nie Ek alleen wat oordeel nie. Dit is Ek en die Vader wat oordeel, die Vader wat My na die wêreld gestuur het.

17In julle wette is daar geskryf dat wanneer twee mense dieselfde sê oor iemand, dan is dit waar.

18En daar is twee wat dieselfde dinge sê oor My: Dit is Ek en die Vader wat My na die wêreld gestuur het.”

19Die mense vra toe vir Jesus: “Waar is jou vader?” Jesus het gesê: “Julle ken My nie. Julle ken ook nie my Vader nie. Omdat julle My nie ken nie, ken julle ook nie my Vader nie.”

© Bible Society of South Africa.

20Jesus het dit alles gesê toe Hy vir die mense by die dankoffer-kis in die tempel geleer het. Niemand het Hom gevang nie, want dit was nog nie sy tyd nie.

Die Jode kan nie kom waar Jesus gaan nie

21Jesus het weer met die Jode gepraat. Hy het gesê: “Ek gaan weg. Julle sal My soek, maar julle sal My nie kry nie. Julle is sondaars, en wanneer julle sterf, sal julle nog sondaars wees. Waar Ek gaan, kan julle nie kom nie.”

22Die Jode het gesê: “Hy sê ons kan nie kom waar hy gaan nie. Wil hy homself doodmaak? Ons dink nie hy sal dit doen nie.”

23Jesus het vir hulle gesê: “Julle kom van die aarde, maar Ek kom van die hemel. Ja, julle is mense van hierdie wêreld, maar Ek is nie van hierdie wêreld nie.

24Ek het vir julle gesê julle is sondaars en wanneer julle sterf, sal julle nog sondaars wees. As julle nie glo dat Ek God is nie, dan sal julle nog sondaars wees wanneer julle sterf.”

25Die Jode vra toe vir Hom: “Wie is jy?” Jesus het vir hulle gesê: “Ek kan met julle praat, maar dit sal nie help nie.

26Ek kan nog baie ander dinge oor julle sê en Ek kan julle oordeel. Hy wat My na die wêreld gestuur het, doen reg. Ek vertel vir die mense van die wêreld alles wat Ek by Hom gehoor het.”

27Die Jode het nie verstaan dat Hy met hulle van die Vader in die hemel praat nie.

28Jesus het vir hulle gesê: “Wanneer julle My, die Seun van die mens, aan die kruis opgehang het, dan sal julle besef dat Ek ook God is. Dan sal julle weet Ek, die Seun, doen nie self dinge nie. Nee, Ek sê net wat die Vader vir My geleer het.

29Die Vader wat My na die wêreld gestuur het, is by My. Hy het My nie alleen gelos nie, want Ek doen altyd die dinge waarvan Hy hou.”

30Terwyl Jesus hierdie dinge gesê het, het baie Jode in Hom begin glo.

Die waarheid maak mense vry

31Jesus het vir die Jode wat in Hom glo, gesê: “As julle glo en doen wat Ek sê, dan sal julle regtig my dissipels wees.

32Dan sal julle weet wat die waarheid is, en die waarheid sal julle vrymaak.”

33Hulle sê toe vir Jesus: “Ons is die nageslag van Abraham. Ons was nog nooit iemand se slawe nie. Hoekom sê jy ons sal vry word?”

34Jesus het vir hulle gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: As ’n mens sonde doen, dan is hy ’n slaaf van die sonde.

35’n Slaaf bly nie altyd by die familie nie, maar ’n seun bly altyd een van die familie.

36As Ek, die Seun, julle vrymaak, dan sal julle regtig vry wees.

© Bible Society of South Africa.

37Ek weet julle is die nageslag van Abraham. Maar julle wil My doodmaak omdat julle nie wil glo wat Ek sê nie.

38Ek sê vir julle wat Ek by mý Vader gesien het. Julle doen wat julle by júlle vader gehoor het."

39Die Jode het vir Jesus gesê: "Abraham is ons vader." Jesus sê vir hulle: "As julle kinders van Abraham is, dan sal julle doen wat Abraham gedoen het.

40Maar nou wil julle My doodmaak, en dit is Ek wat vir julle die waarheid vertel het wat Ek by God gehoor het. Abraham het nie dit gedoen nie.

41Nee, julle doen dinge wat julle vader doen." Die Jode het vir Jesus gesê: "Ons is nie buite-egtelike kinders nie. Ons het net een Vader. Dit is God!"

42Jesus het vir hulle gesê: "God is nie julle Vader nie, want julle is nie lief vir My nie. Ek het van God gekom en Ek is nou hier by julle. Ek het nie self besluit om te kom nie. Nee, God het My na die wêreld gestuur.

43Hoekom verstaan julle nie wat Ek vir julle sê nie? Dit is omdat julle nie regtig wil luister na wat Ek sê nie.

44 Die duiwel is julle vader en julle wil doen wat hy wil hê julle moet doen. Van die begin van die wêreld maak die duiwel mense dood. Hy praat nie die waarheid nie, want hy weet niks van die waarheid nie. Die duiwel lieg altyd, hy kan niks anders doen nie. Hy lieg en hy laat mense lieg.

45Julle glo My nie, want Ek praat die waarheid.

46Kan een van julle bewys dat Ek 'n sondaar is? Nee, julle kan nie. Hoekom glo julle My nie wanneer Ek die waarheid praat nie?

47Iemand wat aan God behoort, luister na wat God sê. Julle luister nie na wat Hy sê nie, want julle behoort nie aan God nie."

Jesus is ouer as Abraham

48Die Jode het vir Jesus gesê: "Ons is reg wanneer ons sê jy is 'n Samaritaan en dit is 'n duiwel wat jou so laat praat."

49Jesus het gesê: "Nee, dit is nie 'n duiwel wat My so laat praat nie. Ek eer my Vader, maar julle eer My nie.

50Dit is nie Ek wat wil hê julle moet sê Ek is belangrik nie. Dit is my Vader wat wil hê julle moet sê Ek is belangrik. Dit is Hý wat mense oordeel.

51Ek sê vir julle, en dit is seker: As iemand doen wat Ek sê, dan sal hy nooit sterf nie."

52Toe sê die Jode vir Jesus: "Nou weet ons dit is 'n duiwel wat jou so laat praat. Abraham het gesterf en die profete het gesterf. Maar nou sê jy as iemand doen wat jy sê, dan sal hy nooit sterf nie.

© Bible Society of South Africa.

53Jy is nie belangriker as Abraham nie, en hy het gesterf. Jy is ook nie belangriker as die profete nie, en hulle het gesterf. Moenie dink jy is so belangrik nie!”

54Jesus het gesê: “Ek sê nie self Ek is belangrik nie, want as Ek dit sê, dan beteken my woorde niks. Die Vader sê Ek is belangrik, dié Vader vir wie julle sê: ‘Ons God.’

55Maar julle ken nie die Vader nie. Ek ken Hom. Ek kan nie sê dat Ek Hom nie ken nie. As Ek sê Ek ken Hom nie, dan praat Ek nie die waarheid nie, soos julle. Nee, Ek ken die Vader en Ek doen wat Hy sê.

56Julle vader Abraham was baie bly toe hy gesien het dat Ek sal kom. Hy het dit gesien en hy was baie bly.”

57Die Jode het vir Jesus gesê: “Dit is nie waar nie. Jy het nie vir Abraham gesien nie. Jy is nog jonk, jy is nog nie 50 jaar oud nie.”

58Jesus het vir hulle gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Ek is God, ook voordat Abraham gelewe het.”

59Toe het die Jode klippe opgetel om Jesus dood te gooi, maar Hy het stilletjies weggegaan uit die tempel.

Johannes 9

Jesus laat ’n blinde man sien

1Toe Jesus verder loop, het Hy ’n man gesien wat blind was vandat hy gebore is.

2Die dissipels het vir Jesus gevra: “ Rabbi, wie se skuld is dit dat hierdie man blind was toe hy gebore is? Is dit hý wat sonde gedoen het of is dit sy ouers wat sonde gedoen het?”

3Jesus het gesê: “Nee, dit is nie hierdie man of sy ouers wat sonde gedoen het nie. Hy is blind, want God wil hom gebruik om vir die mense te wys wat God kan doen.

4God het My na die wêreld gestuur. Hy wil hê ons moet vir die mense wys wat Hy kan doen terwyl dit nog dag is. Die nag kom en in die donker kan niemand werk nie.

5Terwyl Ek by die mense in die wêreld is, is Ek die lig vir hulle.”

6Nadat Jesus dit gesê het, het Hy op die grond gespoeg en Hy het klei gemaak met die spoeg. Hy het die klei aan die blinde man se oë gesmeer en

7vir hom gesê: “Gaan was jou in die Siloam-dam.” Die woord Siloam beteken “God het Iemand gestuur.” Die blinde man het gegaan en hy het homself gewas. Toe hy terugkom, kon hy sien.

8Die mense wat langs die blinde man gewoon het en die ander mense wat hom geken het toe hy ’n bedelaar was, het gevra: “Is dit die man wat altyd gesit en bedel het?”

© Bible Society of South Africa.

9Party mense het gesê: “Ja, dit is hy.” Ander mense het gesê: “Nee, dit is iemand anders wat lyk soos die blinde man.” Toe sê die blinde man: “Dit is ek!”

10Die mense het vir hom gevra: “Wat het gebeur dat jy kan sien?”

11Die man het gesê: “’n Man het klei gemaak en hy het dit aan my oë gesmeer. Die man se naam is Jesus. Toe het hy vir my gesê ek moet my in die Siloam-dam gaan was. Ek het dit gedoen en toe kon ek sien.”

12Hulle het vir hom gevra: “Waar is daardie man?” Hy sê toe: “Ek weet nie.”

Die Fariseërs vra baie vrae vir die man wat blind was

13Die mense het die man wat voorheen blind was, na die Fariseërs toe geneem.

14Dit was ’n Sabbatdag toe Jesus klei gemaak het en die blinde man laat sien het.

15Die Fariseërs het ook vir hom gevra hoekom hy nou kan sien. Hy het vir hulle gesê: “’n Man het klei op my oë gesit, ek het my gewas en ek kon sien.”

16Party Fariseërs het gesê: “Die man wat dit gedoen het, kom nie van God nie, want hy werk op die Sabbatdag.” Ander Fariseërs het gesê: “Iemand wat hierdie wondertekens doen, is nie ’n sondaar nie.” Die Fariseërs het baie met mekaar gestry.

17Toe vra die Fariseërs weer vir die man wat blind was: “Wat dink jy van die man wat jou laat sien het?” Die man wat blind was, het gesê: “Ek dink hy is ’n profeet.”

18Die man was eers blind en hy kon nou sien, maar die Jode wou dit nie glo nie. Toe roep hulle die ouers van die man wat nou kon sien

19en hulle vra vir sy ouers: “Is hierdie man julle seun? Is dit waar dat hy blind was toe hy gebore is? Hoekom kan hy nou sien?”

20Sy ouers het gesê: “Ons weet hy is ons seun. Ons weet hy was blind toe hy gebore is.

21Maar ons weet nie hoekom hy nou kan sien nie. Ons weet ook nie wie hom laat sien het nie. Julle moet vir hom vra. Hy is nie meer ’n kind nie, hy kan self praat. Hy kan self vir julle sê wat gebeur het.”

22Die man se ouers het dit gesê omdat hulle bang was vir die Jode. Die Jode het klaar besluit: As iemand sê hy glo dat Jesus die Christus is, dan mag hy nooit weer in die sinagoge kom nie.

23Dit is hoekom die man se ouers gesê het: “Hy is nie meer ’n kind nie, hy kan self praat. Julle moet vir hóm vra.”

24Die Jode roep toe weer die man wat blind was. Hulle het vir hom gesê: “Jy moet God eer en jy moet die waarheid praat. Ons weet hierdie man Jesus is ’n sondaar.”

© Bible Society of South Africa.

25Die man het gesê: “Ek weet nie of Jesus ’n sondaar is nie, maar ek weet ek was
blind, en nou sien ek.”

26Die Jode het vir hom gesê: “Wat het Jesus vir jou gedoen? Hoe het hy jou laat
sien?”

27Die man het vir hulle gesê: “Ek het dit klaar vir julle vertel, en julle het nie geluister
nie. Hoekom wil julle dit weer hoor? Wil julle Jesus se dissipels word?”

28Die Jode het kwaad geword en gesê: “Jy is ’n dissipel van daardie man. Ons is nie,
ons is dissipels van Moses.

29Ons weet God het met Moses gepraat, maar ons weet nie van waar hierdie man
kom nie.”

30Die man wat blind was, het vir hulle gesê: “Ek verstaan julle nie. Julle weet nie van
waar Jesus kom nie, maar hy het my laat sien.

31Ons weet God luister nie na sondaars nie. God luister na mense wat Hom dien en
wat doen wat Hy wil hê.

32Ons het nooit voorheen gehoor van iemand wat ’n blinde mens laat sien het nie, ’n
mens wat blind was toe hy gebore is.

33Hierdie man kom van God, daarom kon hy dit doen.”

34Toe sê die Jode vir die man wat blind was: “Jy is nog altyd ’n sondaar, vandat jy
gebore is! Jy kan nie vir ons leer nie.” Toe het hulle hom uitgeskop uit die sinagoge.

Mense wat besef dat hulle blind is, en mense wat dink dat hulle kan sien

35Jesus het gehoor dat die Jode die man uit die sinagoge uitgeskop het, die man wat
blind was, maar wat Hy laat sien het. Toe Jesus hom sien, vra Hy vir hom: “Glo jy in
die Seun van die mens?”

36Die man het gesê: “Meneer, sê asseblief vir my wie is die Seun van die mens sodat
ek in Hom kan glo.”

37Jesus het vir die man gesê: “Jy sien Hom. Ek is die Seun van die mens, Ek wat met
jou praat.”

38Die man het gesê: “Ek glo, Here!” Toe het hy Jesus aanbid.

39Jesus het gesê: “Ek het na die wêreld gekom om mense te oordeel. Die mense wat
besef dat hulle blind is, sal sien. En die mense wat dink dat hulle kan sien, sal blind
word.”

40Die Fariseërs wat by Jesus was, het gehoor wat Jesus sê. Toe sê hulle vir Hom:
“Ons is nie blind nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

41Jesus het vir hulle gesê: “As julle besef het dat julle blind is, dan het julle nie sonde gedoen nie. Maar nou sê julle dat julle kan sien. Daarom bly julle skuldig.”

Johannes 10

Die Goeie Herder

1Jesus het vir die Fariseërs gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: ’n Dief of ’n skelm kom nie in by die hek van die skaapkraal nie. Hy kom in by ’n ander plek.

2Die skaapwagter, die herder, kom in by die hek.

3Die man by die hek maak die hek vir die wagter oop. Die skape hoor die herder se stem. Hy roep elke skaap se naam en dan bring hy hulle uit die kraal uit.

4Wanneer hy al sy eie skape uit die kraal gebring het, dan loop hy voor die skape. Die skape gaan saam met die herder, want hulle ken sy stem.

5Die skape sal nie saam met iemand gaan as hulle hom nie ken nie. Hulle sal weghardloop van hom, want hulle ken nie ander mense se stemme nie.”

6Jesus wou vir die Fariseërs iets verduidelik toe Hy oor die herder gepraat het. Maar hulle het nie verstaan wat Hy vir hulle wou sê nie.

Jesus is die Goeie Herder

7Jesus het ook gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Ek is die hek vir die skape.

8Die mense wat gekom het voordat Ek gekom het, het net ingebreek en gesteel. Maar die skape het nie na hulle geluister nie.

9Ek is die hek vir die skape. God sal die mense red wat in My glo. Hulle sal soos skape wees wat ingaan en uitgaan by ’n hek en wat gras kry om te eet.

10’n Dief kom net om die skape te steel en te slag en dood te maak. Ek is nie so nie. Ek het gekom sodat die skape kan lewe, sodat hulle regtig kan lewe.

11Ek is die Goeie Herder. Die Goeie Herder sal sterf sodat sy skape kan lewe.

12Iemand wat geld kry om die skape op te pas, sal nie doen wat die Goeie Herder doen nie. Iemand wat geld kry om die skape op te pas, is nie regtig ’n herder nie, en dit is nie sy skape nie. Wanneer hy sien ’n wolf kom, dan los hy die skape en hy hardloop weg. Dan vat die wolf die skape weg en hy jaag hulle na al die kante toe.

13Ja, iemand wat geld kry om die skape op te pas, is nie regtig bekommerd oor die skape nie.

14“Ek is die Goeie Herder. Ek ken my skape en my skape ken My,

15soos die Vader My ken en soos Ek die Vader ken. Ek sal sterf sodat my skape kan lewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Ek het ook ander skape wat nie in hierdie kraal is nie. Ek moet ook voor hulle loop.
Hulle sal ook na my stem luister. Al my skape sal eendag in een trop wees en Ek sal
die hele trop se herder wees.

17Die Vader is lief vir My, want Ek sal sterf sodat my skape kan lewe. Ek sal sterf
sodat Ek weer kan lewe.

18Dit is nie iemand anders wat besluit dat Ek moet sterf nie. Nee, Ek het self besluit
dat Ek sal sterf. Ek kan self besluit dat Ek sal sterf en weer begin lewe. Dit is wat my
Vader gesê het Ek moet doen."

19Toe die Jode hoor wat Jesus alles sê, het hulle baie met mekaar gestry.

20Party Jode het gesê: "Dit is 'n duiwel wat hom so laat praat. Hy is mal, julle moenie
luister na hom nie!"

21Ander Jode het gesê: "Nee, wanneer 'n duiwel iemand laat praat, dan sal hy nie
praat soos Jesus praat nie. 'n Duiwel kan ook nie blinde mense laat sien nie."

Die Jode wil Jesus nie aanvaar nie

22Dit was tyd vir die Fees van die Tempelwyding in Jerusalem. Dit was winter en

23Jesus het in die tempel geloop in die Pilaargang van Salomo.

24Party Jode het rondom Jesus kom staan. Hulle het vir Hom gesê: "Hoe lank moet
ons nog wag en onseker wees? As jy die Christus is, dan moet jy dit vir ons reguit
sê."

25Jesus het vir hulle gesê: "Ek het dit klaar vir julle gesê, maar julle glo My nie. Ek
doen die dinge wat my Vader gesê het Ek moet doen. Daardie dinge wys wie Ek is.

26Julle glo My nie, want julle is nie my skape nie.

27My skape luister na my stem. Ek ken my skape, en hulle volg My.

28Ek gee vir hulle die ewige lewe. Hulle sal nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle
wegvat uit my hand nie.

29Die mense wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van al die mense.
Daarom kan niemand hulle wegvat uit die Vader se hand nie.

30Ek en die Vader doen dieselfde dinge, Ons is Een."

31Die Jode het toe weer klippe opgetel om Jesus dood te gooi.

32Jesus het vir hulle gesê: "Die Vader het gesê Ek moet baie dinge doen, goeie dinge,
en Ek het dit gedoen. Julle moet vir My sê oor watter goeie ding wil julle My
doodgooi met klippe."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

33Die Jode het vir Jesus gesê: “Ons wil jou nie met klippe doodgooi omdat jy ’n goeie ding gedoen het nie. Ons wil jou doodgooi omdat jy verkeerde dinge sê teen God. Jy is ’n mens, maar jy maak of jy God is.”

34Jesus het vir hulle gesê: “In die Ou Testament is geskryf: “ God het gesê: Julle is gode.

35“Dit beteken: Die Ou Testament sê mense met wie God praat, is gode. Ons mag dit nie verander nie.

36God het My gekies om ’n spesiale werk te doen. Hy het My na die wêreld gestuur. Hoekom sê julle Ek praat verkeerd teen God wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?

37Die Vader het vir My gesê wat Ek moet doen. As Ek dit nie doen nie, dan moet julle nie in My glo nie.

38Maar as Ek die dinge doen wat die Vader vir My gesê het, dan moet julle glo wat Ek doen, ook as julle nie in My wil glo nie. Dan sal julle regtig weet die Vader is by My en Ek is by die Vader.”

39Toe het die Jode weer probeer om Jesus te vang, maar hulle kon nie, want Hy het weggegaan.

40Jesus het weer oor die Jordaan-rivier gegaan, na die plek waar Johannes voorheen die mense gedoop het. Jesus het daar gebly.

41Baie mense het na Jesus toe gegaan. Hulle het gesê: “Johannes het nooit ’n wonderteken gedoen nie, maar alles wat hy oor Jesus gesê het, is waar.”

42Baie mense het daar in Jesus begin glo.

Johannes 11

Lasarus sterf

1Lasarus was siek. Hy het in Betanië gewoon. Betanië was ’n dorpie waar Lasarus se susters Maria en Marta ook gewoon het.

2Dit was Maria wat lekkerruik-olie op die Here se voete uitgegooi het en toe sy voete met haar hare afgedroog het. Haar broer Lasarus was siek.

3Die twee susters het iemand gestuur om vir Jesus te sê dat Lasarus siek is, Lasarus vir wie Jesus lief was.

4Toe Jesus hoor dat Lasarus siek is, het Hy gesê: “Hierdie siekte sal nie vir Lasarus doodmaak nie. God sal sy siekte gebruik om te wys dat Hy God is. Dan sal die mense kan sien dat Ek, die Seun van God, ook God is.”

5Jesus was lief vir Marta en haar suster en vir Lasarus.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

6Jesus het gehoor dat Lasarus siek is, maar Hy het nog twee dae op die plek gebly
waar Hy was.

7Toe het Jesus vir sy dissipels gesê: “Kom ons gaan weer na Judea.”

8Sy dissipels het gesê: “ Rabbi, nie lank gelede nie wou die Jode U daar doodgooi met
klippe. Hoekom wil U nou weer daarnatoe gaan?”

9Jesus het gesê: “’n Dag het twaalf ure. Wanneer ’n mens in die dag loop, dan val hy
nie, want hy sien die lig van die son, die lig van hierdie wêreld.

10Maar wanneer iemand in die nag loop, dan val hy, want daar is nie lig nie.”

11Toe sê Jesus: “Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak.”

12Die dissipels sê toe vir Hom: “Here, dit is goed dat hy slaap. Dan sal hy gesond
word.”

13Toe Jesus gesê het Lasarus slaap, het dit beteken Lasarus is dood. Die dissipels het
gedink Jesus praat van slaap soos ’n mens in die nag slaap.

14Jesus het toe reguit vir hulle gesê: “Lasarus is dood.

15Ek is bly Ek was nie daar toe Lasarus gesterf het nie. Dit is goed vir julle, want wat
Ek sal doen, sal julle help om te glo. Kom ons gaan nou na hom toe.”

16Tomas, sy ander naam was “Tweeling,” het vir die ander dissipels gesê: “Kom ons
gaan saam met Jesus, sodat ons saam met Hom kan sterf.”

Jesus kan mense weer laat lewe

17Toe Jesus in Betanië aankom, het Hy gehoor dat Lasarus vier dae in die graf is.

18Betanië was naby Jerusalem, omtrent 15 stadioi van Jerusalem.

19Baie Jode het na Marta en Maria toe gekom om hulle te troos omdat hulle broer
Lasarus dood is.

20Toe Marta hoor dat Jesus kom, gaan sy na Hom toe om Hom te verwelkom. Maria
het in die huis bly sit.

21Marta het vir Jesus gesê: “Here, as U hier was, dan het my broer nie gesterf nie,

22maar ek weet dat God ook nou vir U alles sal doen wat U vir Hom vra.”

23Jesus het vir haar gesê: “Jou broer sal weer lewe.”

24Marta sê toe vir Jesus: “Ek weet hy sal weer lewe op die laaste dag wanneer God
al die mense wat dood is, weer sal laat lewe.”

25Jesus het vir haar gesê: “Ek laat mense lewe, Ek laat hulle vir altyd lewe. Mense
wat in My glo en sterf, sal lewe.

26Almal wat lewe en wat in My glo, sal nie dood bly nie. Glo jy wat Ek vir jou sê?”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

27Marta het vir Hom gesê: “Ja, Here, ek glo U is die Christus, die Seun van God. Ek glo U is die Een, God het U na die wêreld gestuur.”

Jesus huil

28Nadat Marta dit gesê het, het sy teruggegaan huis toe. Sy het haar suster Maria geroep en saggies vir haar gesê: “Die Rabbi is hier. Hy roep jou.”

29Toe Maria dit hoor, het sy vinnig opgestaan en na Jesus toe gegaan.

30Jesus het nog nie in die stad ingegaan nie. Hy was nog daar waar Marta met Hom gepraat het.

31Daar was Jode saam met Maria in die huis. Hulle het gekom om haar te troos. Hulle het gesien Maria staan vinnig op en gaan buitetoe. Hulle het gedink sy gaan na Lasarus se graf om daar te gaan huil. Daarom het hulle saam met haar gegaan.

32Maria het by die plek gekom waar Jesus gestaan het en sy het voor Hom gekniel. Sy het vir Hom gesê: “Here, as U hier was toe my broer siek was, dan het my broer nie gesterf nie.”

33Jesus het gesien Maria huil. Hy het gesien die Jode wat saam met haar gekom het, huil ook. Toe was Jesus baie hartseer en ontsteld.

34Hy het gevra: “Waar het julle vir Lasarus begrawe?” Hulle het vir Hom gesê: “Here, kom kyk, ons sal vir U gaan wys.”

35Jesus het gehuil.

36Die Jode het gesê: “Kyk, Jesus huil, hy was baie lief vir Lasarus.”

37Party Jode het gesê: “Jesus het die blinde man laat sien. Hoekom het hy vir Lasarus laat sterf?”

Jesus laat Lasarus weer lewe

38Toe Jesus by die graf kom, het Hy weer baie hartseer geword. Die graf was ’n grot en daar was ’n klip voor die ingang.

39Jesus het gesê hulle moet die klip wegrol. Marta, die suster van Lasarus, het vir Jesus gesê: “Nee, Here, ons kan dit nie doen nie. Lasarus is vier dae in die graf en dit sal sleg ruik.”

40Jesus het vir haar gesê: “Ek het vir jou gesê jy moet glo, dan sal jy sien God sal wys dat Hy God is.”

41Die Jode het die klip weggerol. Jesus het na die hemel gekyk en gesê: “Vader, dankie dat U my gebed hoor.

42Ek sê dit sodat die mense wat hier rondom My staan, kan glo dat U My na die wêreld gestuur het. Ek weet U luister altyd na my gebed.”

43Toe Jesus klaar gebid het, het Hy hard geskree en gesê: “Lasarus, kom uit die graf!”

© Bible Society of South Africa.

44Lasarus, die man wat gesterf het, het uit die graf gekom. Die grafdoeke was nog
om sy voete en hande, en daar was ’n kopdoek oor sy gesig. Jesus het vir hulle gesê:
“Haal die grafdoeke van Lasarus af sodat hy huis toe kan gaan.”

Die Joodse leiers besluit om Jesus dood te maak

45Baie Jode wat na Maria toe gekom het, het gesien hoe Jesus vir Lasarus weer laat
lewe het, en hulle het in Jesus geglo.

46Maar party Jode het na die Fariseërs toe gegaan en het vir hulle vertel wat Jesus
gedoen het.

47Die priesterleiers en die Fariseërs het vergadering gehou. Hulle het gesê: “Jesus
doen so baie wondertekens, ons weet nie wat ons moet doen nie.

48As ons niks aan Jesus doen nie, dan sal al die mense in hom glo. Dan sal die
Romeine ons tempel afbreek en ons volk verwoes.”

49Kajafas was een van die mense wat by die vergadering was. Hy was daardie jaar
die hoëpriester. Hy het vir hulle gesê: “Julle weet niks,

50julle verstaan nie dat dit beter is as een mens sterf en nie die hele volk nie. Dan sal
die hele volk nie verlore gaan nie.”

51Kajafas se woorde het nie van homself gekom nie. Hy was daardie jaar hoëpriester,
daarom het God hom laat sê wat sal gebeur. Kajafas het gesê Jesus sal sterf sodat die
volk kan lewe.

52Maar Jesus het nie net gesterf sodat die volk kan lewe nie, Hy het ook gesterf om
die kinders van God bymekaar te bring, God se kinders wat in baie lande van die
wêreld woon.

53Van toe af het die Joodse leiers planne gemaak om Jesus dood te maak.

54In die provinsie Judea het die Jode almal geweet waar Jesus is. Daarom het Hy nie
daar gebly nie, Hy het weggegaan na die stad Efraim. Efraim was in ’n deel van die
land naby die woestyn. Hy het daar gaan bly saam met sy dissipels.

55Dit was tyd vir die Joodse Paasfees. Baie mense het na Jerusalem gegaan. Hulle
het gegaan voor die Paasfees begin het, want hulle wou hulleself eers reinig.

56Toe het die mense begin om vir Jesus te soek. Hulle het vir mekaar in die tempel
gevra: “Wat dink julle? Sal Jesus na die Paasfees kom, of nie?”

57Die priesterleiers en die Fariseërs het vir al die mense gesê: “As julle weet waar
Jesus is, dan moet julle vir ons sê. Ons wil hom vang.”

Johannes 12

Maria gooi lekkerruik-olie op Jesus se voete

(Ook Matt 26:6-12; Mark 14:3-8; Luk 7:36-39,46)

© Bible Society of South Africa.

1Ses dae voor die Paasfees het Jesus na Betanië gegaan. Betanië was die plek waar Lasarus gewoon het. Jesus het voorheen vir Lasarus weer laat lewe nadat Lasarus gesterf het.

2Die mense het vir Jesus ’n ete gemaak. Marta het die kos bedien en Lasarus was een van die mense wat saam met Jesus geëet het.

3Maria het ’n halwe liter lekkerruik-olie gebring. Die olie was baie duur, want dit was regte nardus-olie. Maria het die olie op Jesus se voete gegooi en sy het toe Jesus se voete afgedroog met haar hare. Die hele huis het lekker geruik.

4Judas Iskariot was een van Jesus se dissipels. Hy was die dissipel wat later vir Jesus verraai het. Hy het gesê:

5“Maria het nou hierdie duur olie gemors. Ons kon dit verkoop het vir 300 silwer geldstukke en dan kon ons die geld vir die arm mense gegee het.”

6Maar Judas was nie regtig bekommerd oor die arm mense nie. Hy was ’n dief. Hy het die sak gedra waarin Jesus en die dissipels se geld was en hy het baie maal van die geld gesteel.

7Jesus het gesê: “Nee, Judas, los vir Maria! Sy het die olie gebêre om My nou te salf soos die mense My sal salf wanneer hulle My begrawe.

8Die arm mense sal altyd by julle wees, maar Ek sal nie altyd by julle wees nie.”

Die Joodse leiers besluit hulle wil vir Lasarus doodmaak

9Baie Jode het gehoor dat Jesus in die dorpie Betanië is. Hulle het toe na Betanië gegaan. Hulle wou vir Jesus sien, maar hulle wou ook graag vir Lasarus sien. Dit is Lasarus wat dood was, maar Jesus het hom weer laat lewe.

10Die priesterleiers het besluit om Lasarus ook dood te maak,

11want baie van die Jode het gehoor dat Jesus vir Lasarus weer laat lewe het, en hulle het in Jesus geglo. Hulle het nie meer soos die ander Jode gedink nie.

Jesus ry op ’n donkie in Jerusalem in

(Ook Matt 21:1,4-5,7-9; Mark 11:1,7-10; Luk 19:28,35-38)

12Die volgende dag het die mense gehoor dat Jesus na Jerusalem kom. Daar was baie mense in Jerusalem om die Paasfees te vier.

13Hulle het takke van palmbome geneem en hulle het na Jesus toe gegaan. Hulle het hard geskree: Prys God! Prys die Man wat kom. Die Here het Hom gestuur, Hy is die Koning van Israel.

14Jesus het ’n jong donkie gekry en Hy het op die donkie gaan sit. Dit het gebeur soos daar in die Ou Testament geskryf is:

15 Sion, jy moenie bang wees nie, want jou Koning kom na jou toe, Hy ry op ’n jong donkie.

© Bible Society of South Africa.

16Jesus se dissipels het nie dadelik verstaan wat gebeur het nie. Hulle het later verstaan toe God gewys het Jesus is ook God. Hulle het toe teruggedink aan die dag toe Jesus op ’n jong donkie in Jerusalem ingery het en hulle het verstaan dat die mense gedoen het soos daar in die Ou Testament oor Jesus geskryf is.

17Die mense wat by Jesus was toe Hy vir Lasarus uit die graf geroep het en hom weer laat lewe het, het oral vertel wat Jesus gedoen het.

18Daarom het baie mense na Jesus toe gegaan toe Hy na Jerusalem gekom het. Hulle het gehoor dat Jesus hierdie wonderteken gedoen het.

19Die Fariseërs het vir mekaar gesê: “Kan julle sien, ons kry niks reg nie. Al die mense gaan saam met Jesus!”

Jesus se tyd het gekom

20Daar was ook Grieke wat gekom het om God op die Paasfees te aanbid.

21Die Grieke het na Filippus toe gekom en hulle het vir hom gesê: “Meneer, ons wil graag vir Jesus sien.” Filippus het van die stad Betsaida in die provinsie Galilea gekom.

22Filippus het na Andreas toe gegaan en hy het vir Andreas gesê die Grieke wil vir Jesus sien. Andreas en Filippus het gegaan en hulle het vir Jesus gesê die Grieke wil Hom sien.

23Jesus het vir hulle gesê: “Die tyd het gekom. Nou sal God wys dat Ek, die Seun van die mens, ook God is.

24Ek sê vir julle, en dit is seker: Wanneer ’n mens ’n koringkorrel in die grond saai, dan gaan dit dood, en daarna groei die koring en dit dra baie koringkorrels. Maar as die koringkorrel nie in die grond val en doodgaan nie, dan word dit nie baie nie.

25As iemand dink sy eie lewe is baie belangrik, dan sal hy sy lewe verloor. Maar as iemand besef dat sy lewe op aarde nie belangrik is nie, dan sal hy sy lewe hou, hy sal altyd aanhou lewe.

26Almal wat My dien, moet doen wat Ek doen, en hulle moet aanhou om die dinge te doen wat Ek doen. My Vader sal sê almal wat My dien, is belangrik.”

Die Vader sê Hy sal wys dat Hy God is

27Jesus het gesê: “Ek is nou baie bekommerd en ontsteld. Wat moet Ek vir my Vader vra? Moet Ek vir Hom vra dat my tyd van swaarkry nie sal kom nie? Nee, Ek het na die wêreld gekom om swaar te kry.”

28Jesus het gebid en gesê: “Vader, wys dat U God is!” Toe het God uit die hemel gesê: “Ek het gewys dat Ek God is en Ek sal dit weer doen.”

29Die mense wat daar was, het dit gehoor. Party het gesê: “Ons hoor donderweer,” en ander mense het gesê: “’n Engel het met Jesus gepraat.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

30Jesus het vir hulle gesê: “God het uit die hemel gepraat, nie sodat Ék sy stem kan
hoor nie, maar sodat júlle sy stem kan hoor.

31Nou sal God die mense van die wêreld oordeel. Nou sal Hy die Satan, die leier van
die mense van hierdie wêreld, oorwin.

32Wanneer Ek hoog bo die grond is, dan sal Ek almal nader trek na My toe.”

33Toe Jesus gesê het Hy sal hoog bo die grond wees, het dit beteken Hy sal aan
’n kruis hang.

34Die mense het vir Jesus gesê: “Ons het in die Ou Testament gelees dat die Christus
vir altyd op die aarde sal bly, maar jy sê die Seun van die mens sal hoog bo die grond
wees. Wie is die Seun van die mens? Van wie praat jy?”

35Jesus het vir hulle gesê: “Ek is die Lig. Die Lig sal nog net ’n kort tydjie by julle wees.
Wanneer dit lig is, moet julle aanhou werk. Dan, wanneer dit donker word, sal julle
nie skrik nie. Wanneer ’n mens in die donker werk, weet hy nie wat hy doen nie.

36Ek is die Lig en Ek is nou hier by julle. Julle moet in My glo, dan sal julle kinders van
die lig wees.” Toe Jesus klaar gepraat het, het Hy weggegaan, en hulle kon Hom nie
kry nie.

Party mense glo nie in Jesus nie, maar ander glo in Hom

37Die mense het baie wondertekens gesien wat Jesus gedoen het, maar hulle het nie
in Jesus geglo nie.

38Dit het gebeur sodat dit waar kan word wat die profeet Jesaja gesê het: Here,
niemand het geluister na wat ons sê nie, niemand het besef hoe sterk die Here is nie.

39Jesaja het ook gesê hoekom hulle nie kon glo nie.

40Hy het gesê: God het die mense se oë blind gemaak, Hy het hulle harte hard
gemaak. Daarom kon hulle oë nie sien nie, en hulle harte kon nie verstaan nie, en
hulle het nie begin lewe soos God wil hê nie. Daarom sal Ek hulle nie gesond maak
nie, sê God.

41Jesaja het dit alles gesê, want hy het gesien Jesus is God. Hy het van Jesus gepraat.

42Baie mense het in Jesus geglo, ook party van die leiers, maar hulle het dit vir
niemand vertel nie. Hulle was bang dat die Fariseërs sal sê hulle mag nooit weer in
die sinagoge kom nie.

43Daardie leiers wou meer belangrik wees vir mense as vir God.

Jesus praat oor die mense wat glo en die mense wat nie glo nie

44Jesus het hard gesê: “Iemand wat in My glo, glo nie net in My nie, hy glo ook in
God wat My na die wêreld gestuur het.

45Ja, as iemand My sien, dan sien hy ook vir God wat My na die wêreld gestuur het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

46Ek het gekom om ’n lig vir die mense van die wêreld te wees. Daarom sal elkeen wat in My glo, nie meer in die donker lewe nie.

47Ek het nie gekom om die mense van die wêreld te oordeel nie. Ek het gekom om hulle te red. Daarom, wanneer mense hoor wat Ek sê, maar hulle doen nie wat Ek sê nie, sal Ék hulle nie oordeel nie,

48die woorde wat Ek gesê het, sal hulle oordeel op die laaste dag. Hulle glo nie in My nie en hulle luister nie na wat Ek sê nie.

49Die dinge wat Ek gesê het, kom nie van My nie. Die Vader wat My na die wêreld gestuur het, het vir My gesê presies wat Ek moet sê.

50Ek weet die dinge wat die Vader vir My gesê het om te doen, laat mense vir altyd lewe. Daarom sê Ek wat die Vader vir My gesê het.”

Johannes 13

Jesus was die dissipels se voete

1Dit was amper tyd vir die Paasfees. Jesus het geweet dit was tyd om weg te gaan van hierdie wêreld en terug te gaan na sy Vader toe. Alles wat Jesus tot daardie dag gedoen het, het gewys dat Hy lief was vir die mense wat aan Hom behoort het en wat in die wêreld was. Jesus het tot die einde sy liefde vir hulle gewys, Hy het dit heeltemal gewys toe Hy aan die kruis gesterf het.

2Jesus en die dissipels was besig om te eet. Die duiwel het toe al klaar vir Judas die plan gegee om Jesus te verraai.

3Jesus het geweet dat die Vader gesê het Jesus mag oor alles en almal regeer. Jesus het ook geweet Hy self kom van God en Hy gaan weer terug na God toe.

4Daarom het Jesus opgestaan van die tafel. Hy het sy bo-kleed uitgetrek en Hy het ’n doek vasgemaak om sy lyf. Slawe het dit altyd gedoen wanneer hulle mense bedien het.

5Toe gooi Jesus water in ’n bak. Hy het begin om die dissipels se voete te was. Hy het ook hulle voete afgedroog met die doek wat om sy lyf was.

6Jesus wou Petrus se voete ook was, maar toe vra Petrus vir Hom: “Here, wil Ú mý voete was?”

7Jesus het vir Petrus gesê: “Jy verstaan nie nou wat Ek doen nie, maar jy sal later verstaan.”

8Petrus het vir Jesus gesê: “U mag nooit my voete was nie.” Jesus het vir hom gesê: “As Ek nie jou voete was nie, dan kan jy nie my dissipel wees nie.”

© Bible Society of South Africa.

9Simon Petrus sê toe vir Jesus: “Here, dan moet U my voete en my hande en my kop
was.”

10Jesus het vir hom gesê: “Wanneer ’n mens klaar gebad het, dan is jou liggaam klaar
skoon. Dan is dit net jou voete wat jy moet was. Julle wat hier by My is, is skoon,
maar nie almal nie.”

11Jesus het geweet Judas sal Hom verraai. Daarom het Hy gesê: “Julle is nie almal
skoon nie.”

Jesus is ’n voorbeeld vir sy dissipels

12Toe Jesus die dissipels se voete klaar gewas het, het Hy sy bo-kleed aangetrek. Hy
het weer by die tafel gaan sit en Hy het vir die dissipels gevra: “Verstaan julle wat dit
beteken dat Ek julle voete gewas het?

13Julle noem My ‘Meneer’ en ‘Here.’ Dit is reg, want dit is wat Ek is.

14Ek is julle Here en julle Meneer, maar Ek het julle voete gewas. Daarom moet julle
ook mekaar se voete was.

15Ek is vir julle ’n voorbeeld. Julle moet ook doen wat Ek vir julle gedoen het.

16Ek sê vir julle, en dit is seker: ’n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie.
’n Boodskapper is ook nie belangriker as die man wat hom gestuur het nie.

17Julle het nou gehoor wat Ek sê. As julle dit doen, dan sal julle gelukkig wees.

18“Ek praat nie van julle almal nie. Ek weet vir wie Ek gekies het. Die woorde wat in
die Ou Testament geskryf is, sal waar word. Daar is geskryf: “ ’n Man wat saam met
my eet, het my vyand geword.

19“Ek sê dit nou vir julle, voordat dit gebeur. Wanneer dit later gebeur, dan sal julle
glo dat Ek ook God is.

20Ek sê vir julle, en dit is seker: Wanneer Ek iemand stuur om ’n boodskap te bring,
en die mense luister na hom, dan luister hulle ook na My. En wanneer mense na My
luister, dan luister hulle na die Vader wat My gestuur het.”

Een van die dissipels sal vir Jesus verraai

(Ook Matt 26:21-23; Mark 14:18-20; Luk 22:21)

21Nadat Jesus dit gesê het, het Hy baie hartseer en ontsteld geword en Hy het ernstig
gepraat en vir die dissipels gesê: “Ek sê vir julle, en dit is seker: Een van julle sal
My verraai.”

22Die dissipels het na mekaar gekyk. Hulle was baie verbaas, want hulle het nie
geweet van wie Jesus praat nie.

23Een van die dissipels het langs Jesus gesit. Dit was die dissipel vir wie Jesus lief
was.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Petrus het vir daardie dissipel gewys hy moet vir Jesus vra wie Hom sal verraai.

25Die dissipel wat langs Jesus gesit het, vra toe vir Jesus: “Here, van wie praat U? Wie is die persoon wat U sal verraai?”

26Jesus het gesê: “Ek sal ’n stukkie brood in die sous druk en Ek sal dit gee vir die een wat My sal verraai.” Jesus druk toe ’n stukkie brood in die sous en Hy gee dit vir Judas seun van Simon Iskariot.

27Judas het die stukkie brood geneem, en toe het die Satan in Judas se hart gekom en vir Judas regeer. Daarom het Jesus vir Judas gesê: “Jy moet nou gou maak en gaan doen wat jy wil doen.”

28Die ander dissipels wat daar gesit het, het nie verstaan hoekom Jesus vir Judas gesê het hy moet gou maak nie.

29Judas het die sak gedra waarin Jesus en die dissipels se geld was. Daarom het party van die dissipels gedink Jesus sê vir Judas om alles te gaan koop wat hulle moet hê vir die Paasfees. Party dissipels het gedink Jesus sê vir Judas hy moet geld vir die arm mense gaan gee.

30Nadat Judas die stukkie brood geneem het, het hy dadelik uitgegaan. Buite was dit donker.

Jesus gee ’n nuwe wet

(Ook Matt 26:33-34; Mark 14:29-30; Luk 22:33-34)

31Nadat Judas uitgegaan het, het Jesus gesê: “Nou wys God dat Ek, die Seun van die mens, ook God is. God gebruik My om te wys Hy is God.

32Ja, God gebruik My om te wys Hy is God. God self sal wys dat Ek ook God is. Hy sal nie lank wag nie, dan sal Hy dit doen.

33My liewe vriende, Ek sal nog net ’n kort tydjie by julle wees. Julle sal My soek, maar Ek sê nou vir julle wat Ek vir die Jode gesê het: Ek gaan na ’n plek, julle kan nie daarnatoe gaan nie.

34Ek gee nou vir julle ’n nuwe wet: Julle moet lief wees vir mekaar. Julle het gesien hoe lief Ek vir julle is. Daarom moet julle ook so lief wees vir mekaar.

35As julle lief is vir mekaar, dan sal al die mense weet julle is my dissipels.”

36Toe sê Simon Petrus vir Jesus: “Here, waarnatoe gaan U?” Jesus het vir hom gesê: “Jy kan nie nou saam met My kom nie. Jy sal later kom.”

37Petrus vra toe vir Hom: “Here, hoekom kan ek nie nou saam met U gaan nie? Ek sal sterf om U te beskerm!”

38Jesus het vir hom gesê: “Nee, Petrus, jy sê jy sal sterf om My te beskerm, maar Ek sê vir jou, en dit is seker: Voordat die haan môre-oggend kraai, sal jy drie maal sê jy ken nie vir My nie.”

© Bible Society of South Africa.

Johannes 14

Jesus neem mense na die Vader toe

1Jesus het ook vir die dissipels gesê: “Julle moenie bekommerd wees nie! Julle moet
in God glo en julle moet in My glo.

2Daar is baie plek om te woon in my Vader se huis. Ek praat die waarheid wanneer Ek
sê Ek gaan na my Vader se huis om julle plek gereed te maak.

3Wanneer Ek gegaan het en julle plekke gereedgemaak het, dan sal Ek terugkom.
Dan sal Ek julle saam met My neem sodat julle kan wees waar Ek is.

4Ek weet julle ken die pad na die plek waarnatoe Ek gaan.”

5Tomas het vir Hom gesê: “Here, ons weet nie waarnatoe U gaan nie. Daarom ken
ons ook nie die pad daarnatoe nie.”

6Jesus sê toe vir Tomas: “Ek is die pad, Ek is die waarheid, Ek is die lewe. Niemand
kan by die Vader kom as hy nie in My glo nie.

7Julle ken My, daarom sal julle ook my Vader ken. Ja, julle ken Hom nou. Julle het
Hom gesien.”

8Filippus het vir Jesus gesê: “Here, U moet asseblief vir ons die Vader wys. Dan sal
ons tevrede wees.”

9Jesus het vir hom gesê: “Filippus, Ek was ’n lang tyd saam met julle. Ken jy My nie?
Jy moet onthou: Wanneer iemand My gesien het, dan het hy die Vader gesien.
Hoekom vra jy Ek moet vir julle die Vader wys?

10Glo jy nie Ek is by die Vader en die Vader is by My nie? Die woorde wat Ek sê, kom
nie van Myself nie. Dit kom van die Vader wat by My is. Ja, Hy is besig om sy werk te
doen.

11Julle moet My glo wanneer Ek sê Ek is by die Vader en die Vader is by My. As julle
nie wil glo wat Ek sê nie, dan moet julle glo omdat julle gesien het wat Ek doen.

12Ek sê vir julle, en dit is seker: Mense wat in My glo, sal dieselfde dinge doen wat Ek
gedoen het. Ja, hulle sal meer doen, want Ek gaan nou na die Vader toe.

13Wanneer julle vir My iets vra omdat julle aan My behoort, dan sal Ek dit doen. So
sal Ek, die Seun, wys dat die Vader God is.

14Ja, as julle vir My iets vra omdat julle aan My behoort, dan sal Ek dit vir julle doen.”

Die Vader sal die Heilige Gees stuur

15Jesus het ook vir die dissipels gesê: “As julle lief is vir My, dan sal julle doen wat Ek
vir julle sê.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Ek sal vir die Vader vra en Hy sal vir julle ’n ander Helper gee. Die Helper is die
Heilige Gees. Die Gees sal altyd by julle bly.

17Hy is die Gees wat vir julle sal wys wat die waarheid is. Die mense wat aan die
wêreld behoort, kan die Gees nie ontvang nie, want hulle sien Hom nie en hulle ken
Hom nie. Maar julle ken die Heilige Gees, want Hy bly by julle en Hy is in julle.

18Ek los julle nie alleen soos kinders wat nie ’n pa en ma het nie. Ek kom weer terug
na julle toe.

19Ná ’n kort tydjie sal die mense wat aan die wêreld behoort, My nie meer sien nie,
maar julle sal My sien. En omdat Ek altyd lewe, sal julle ook lewe.

20Dan sal julle weet Ek is by die Vader en julle is by My en Ek is by julle.

21As julle weet wat Ek wil hê julle moet doen, en julle doen dit, dan wys julle dat julle
lief is vir My. As julle lief is vir My, dan sal my Vader ook lief wees vir julle. Dan sal Ek
ook lief wees vir julle en Ek sal vir julle wys wie Ek is.”

22Toe sê Judas vir Hom: “Here, ons verstaan dit nie: Hoe sal U net vir óns wys wie U
is, maar nie vir die mense van die wêreld nie?” Dit was nie Judas Iskariot nie, dit was
’n ander dissipel, sy naam was ook Judas.

23Jesus het vir hom gesê: “As mense lief is vir My, dan sal hulle doen wat Ek vir hulle
sê, en my Vader sal lief wees vir hulle. Dan sal Ek en die Vader na hulle toe kom en by
hulle bly.

24Maar mense wat nie lief is vir My nie, doen nie wat Ek vir hulle sê nie. Julle moet
onthou, die dinge wat Ek vir julle sê, kom nie van My nie. Dit kom van die Vader wat
My na die wêreld gestuur het.

25Ek het hierdie dinge vir julle gesê terwyl Ek nog by julle was.

26Later, wanneer Ek weggegaan het, sal die Vader vir julle ’n Helper stuur om by julle
te wees omdat Ek nie meer by julle is nie. Die Helper is die Heilige Gees. Hy sal vir
julle alles leer. Ja, Hy sal julle laat onthou wat Ek vir julle gesê het.

27Nou gaan Ek weg en Ek laat vrede by julle bly. Ja, Ek gee my vrede vir julle. Maar Ek
gee nie vrede soos die mense van die wêreld vrede gee nie. Julle moenie bang en
ontsteld wees nie.

28“Julle het gehoor Ek vir julle sê Ek gaan weg, en Ek kom weer terug na julle toe. As
julle lief is vir My, dan sal julle bly wees dat Ek teruggaan na die Vader, want Hy is
belangriker as Ek.

29Ek het nou vir julle alles vertel voordat dit gebeur, sodat julle in My sal glo wanneer
dit gebeur.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30Ek sal nie meer baie met julle praat nie, want die Satan, die leier van die mense
van die wêreld, kom. Hy is nie sterker as Ek nie,

31maar Ek wil graag hê die mense van die wêreld moet weet dat Ek lief is vir die
Vader. Daarom doen Ek alles wat die Vader vir My gesê het. Julle moet nou opstaan,
want ons moet gaan."

Johannes 15

Jesus is die ware wingerdstok

1Jesus het ook vir sy dissipels gesê: "Ek is die ware wingerdstok. My Vader is die
druiweboer.

2Daar is party lote wat uit My groei maar wat niks vrugte dra nie. My Vader knip
daardie lote af. Maar die lote wat vrugte dra, knip Hy net skoon sodat hulle nog meer
vrugte kan dra.

3Julle is klaar skoon. Wat Ek vir julle gesê het, het julle skoongemaak.

4Julle moet by My bly soos Ek by julle bly. Julle moet onthou 'n loot alleen kan nie
vrugte dra nie, dit moet aan die wingerdstok vas bly. Julle kan ook nie vrugte dra as
julle nie by My bly nie.

5Ek is die wingerdstok. Julle is die lote. As julle by My bly en as Ek by julle bly, dan sal
julle baie vrugte dra. As Ek nie by julle is nie, dan kan julle niks doen nie.

6As mense nie by My bly nie, dan sal met hulle gebeur wat met lote gebeur wat nie
vrugte dra nie. Die mense gooi daardie lote weg, en dit word droog. Later vat hulle
dit en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.

7Julle moet by My bly, en die dinge wat Ek vir julle sê, moet in julle harte bly. Dan kan
julle vir My vra wat julle wil hê en Ek sal dit vir julle gee.

8As julle baie vrugte dra, en as julle my dissipels is, dan sal die mense weet my Vader
is God.

9"Die Vader is lief vir My. So is Ek ook lief vir julle. Julle moet vashou aan my liefde,
my liefde moet vir julle baie belangrik wees.

10Ek het vasgehou aan my Vader se liefde, want Ek het gedoen wat Hy gesê het. Julle
moet dieselfde doen. As julle wil doen wat Ek sê, dan moet julle vashou aan my
liefde.

11Ek sê dit vir julle, want Ek wil hê julle moet so bly wees soos Ek. Dan sal julle regtig
baie bly wees.

12Ek het vir julle gewys hoe lief Ek vir julle is. Nou gee Ek vir julle 'n wet: Julle moet
ook so lief wees vir mekaar.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Die beste bewys van liefde is wanneer iemand vir sy vriende sterf sodat sy vriende kan lewe.

14Julle is my vriende as julle doen wat Ek sê.

15Ek noem julle nie meer slawe nie, want ’n slaaf weet nie wat sy eienaar doen nie. Ek noem julle vriende, want Ek het vir julle alles vertel wat Ek by my Vader gehoor het.

16Julle het My nie gekies nie, Ek het julle gekies. Ja, Ek het julle gekies en aangestel om vrugte te dra, vrugte wat nie sleg word nie. Dan sal die Vader vir julle alles gee as julle dit vra omdat julle aan My behoort.

17Ek sê vir julle: Julle moet lief wees vir mekaar.”

Die wêreld sal die dissipels haat

18Jesus het ook vir die dissipels gesê: “As die mense van die wêreld julle haat, dan moet julle onthou hulle het My gehaat voordat hulle julle gehaat het.

19As julle mense is wat lief is vir die wêreld, dan sal die ander mense van die wêreld lief wees vir julle, want dan is julle soos hulle. Maar julle is nie mense van die wêreld nie. Ek het julle gekies uit die mense van die wêreld. Daarom haat die mense van die wêreld julle.

20Julle moet onthou, Ek het vir julle gesê ’n slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. Die mense van die wêreld het slegte dinge gedoen aan My, en daarom sal hulle ook slegte dinge doen aan julle. Hulle het nie geluister na wat Ek sê nie, en daarom sal hulle ook nie luister na wat julle sê nie.

21Hulle sal slegte dinge doen aan julle, want julle behoort aan My. Hulle ken ook nie vir God nie, God wat My na die wêreld gestuur het.

22Ek het gekom en Ek het met hulle gepraat. Nou kan hulle nie sê hulle is nie sondaars nie. Hulle kan nie sê hulle weet nie dat hulle sonde doen nie.

23As iemand My haat, dan haat hy ook my Vader.

24Hulle het gesien dat Ek wonderwerke doen wat niemand anders kan doen nie. Nou kan hulle nie sê hulle is nie sondaars nie. Hulle het gesien wat Ek gedoen het, maar hulle haat My en my Vader.

25Dit gebeur sodat dit waar kan word wat in die Ou Testament geskryf is: “ Hulle het My gehaat, maar Ek het niks verkeerd gedoen nie.

26“Ek sal vir julle ’n Helper stuur wat van die Vader kom. Die Helper is die Heilige Gees wat vir julle sal wys wat die waarheid is. Die Helper kom van die Vader. Hy sal vir julle vertel van My.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27Julle moet ook vir die mense vertel van My, want julle was van die begin af saam met My.

Johannes 16

1"Ek het dit alles vir julle gesê sodat julle nie moet ophou glo nie.

2Die mense sal julle wegjaag uit die sinagoges. Daar sal 'n tyd kom wanneer die mense julle sal doodmaak en dan sal hulle dink hulle dien God.

3Hulle sal dit doen, want hulle ken nie die Vader nie en ook nie vir My nie.

4Ek sê dit alles vir julle, want wanneer die tyd kom en hulle doen dit, dan wil Ek hê julle moet onthou Ek het gesê dit sal gebeur."

Die Heilige Gees sal die dissipels help

Jesus het ook vir die dissipels gesê: "Ek het nie al hierdie dinge in die begin vir julle gesê nie, want Ek was by julle.

5Nou gaan Ek terug na die Vader wat My na die wêreld gestuur het, maar nie een van julle vra vir My waarnatoe Ek gaan nie.

6Julle het baie hartseer geword omdat Ek al hierdie dinge vir julle gesê het.

7Maar Ek vertel vir julle die waarheid: Dit is goed vir julle dat Ek weggaan. As Ek nie weggaan nie, dan sal die Helper, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie. As Ek weggaan, dan sal Ek Hom na julle toe stuur.

8Wanneer die Helper kom, dan sal Hy vir die mense van die wêreld bewys dat hulle verkeerd dink oor sonde, en oor wie reg is voor God, en oor die oordeel van God.

9Hulle dink verkeerd oor sonde, want hulle glo nie in My nie.

10Hulle dink verkeerd oor wie reg is voor God, want Ek gaan na die Vader toe en julle sal My nie meer sien nie.

11Hulle dink verkeerd oor die oordeel van God, want God het klaar die Satan, die leier van die mense van die wêreld, ge-oordeel.

12"Daar is nog baie ander dinge wat Ek vir julle wil sê, maar dit is te moeilik vir julle om nou te verstaan.

13Wanneer die Helper kom, die Heilige Gees wat vir julle sal wys wat die waarheid is, dan sal Hy vir julle alles vertel van die waarheid. Hy sal nie self dink wat Hy vir julle moet vertel nie. Nee, Hy sal vir julle vertel wat Hy by My en by die Vader hoor. Hy sal julle help om die dinge te verstaan wat nog met julle sal gebeur.

14Die Helper sal wys dat Ek God is, want alles wat Hy vir julle sal sê, kom van My.

15Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My. Dit is hoekom Ek sê alles wat die Heilige Gees vir julle sal sê, kom van My."

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die dissipels sal nie meer hartseer wees nie

16Jesus het ook vir die dissipels gesê: “Dit sal nie meer lank wees nie, dan sal julle
My nie sien nie. Daarna sal dit ook nie lank wees nie, dan sal julle My weer sien.”

17Party van Jesus se dissipels het vir mekaar gesê: “Ons verstaan nie wat Jesus sê nie.
Hy sê dit sal nie meer lank wees nie, dan sal ons Hom nie sien nie, en daarna sal dit
nie lank wees nie, dan sal ons Hom weer sien. Wat beteken dit wanneer Hy sê Hy
gaan na die Vader toe?

18Hy sê ‘nie lank nie.’ Wat beteken dit? Ons verstaan dit nie.”

19Jesus het geweet wat hulle vir Hom wil vra. Hy het toe vir hulle gevra: “Vra julle vir
mekaar wat dit beteken dat dit nie lank sal wees nie, dan sal julle My nie sien nie en
dat dit daarna nie lank sal wees nie, dan sal julle My weer sien?

20Ek sê vir julle, en dit is seker: Julle sal huil en treur, maar die mense van die wêreld
sal bly wees. Julle sal eers hartseer wees, maar later sal julle nie meer hartseer wees
nie, julle sal bly wees.

21Wanneer ’n vrou ’n kind kry, dan het sy pyn, want dit is die tyd wanneer haar baba
moet kom. Maar wanneer die baba klaar gebore is, dan dink sy nie meer aan die pyn
nie, want sy is bly dat sy ma geword het.

22Julle het ook nou pyn, maar wanneer Ek julle weer sien, dan sal julle bly wees. Dan
sal niemand julle weer ongelukkig kan maak nie.

23“Daardie dag sal julle nie meer vir My iets vra nie. Ek sê vir julle, en dit is seker:
Daardie dag kan julle vir die Vader enige iets vra omdat julle aan My behoort, en Hy
sal dit vir julle gee.

24Julle mag enige iets vra omdat julle aan My behoort. Tot nou toe het julle nog niks
gevra nie. Julle moet vra, en julle sal kry. Dan sal julle regtig baie bly wees.

25Voorheen het Ek voorbeelde gebruik wanneer Ek iets vir julle verduidelik het,
maar daar sal ’n tyd kom wanneer Ek nie meer voorbeelde sal gebruik nie. Dan sal Ek
vir julle reguit van die Vader vertel.

26Daardie dag sal julle self vir die Vader dinge vra, omdat julle aan My behoort. Ek sal
dit nie vir die Vader vra nie, dit sal nie nodig wees nie.

27Die Vader self is lief vir julle, want julle is lief vir My en julle glo dat Ek van God
kom.

28Ek het weggegaan van die Vader en Ek het na die mense van die wêreld toe gekom.
Nou gaan Ek weer weg van die mense van die wêreld, Ek gaan terug na die Vader
toe.”

29Die dissipels het vir Jesus gesê: “Nou praat U reguit. U gebruik nie voorbeelde nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30Nou weet ons dat U alles weet. Dit is nie nodig dat ons vir U vrae moet vra nie. Ons
glo nou dat U van God kom."

31Jesus het vir hulle gesê: "Julle sê julle glo nou,

32maar daar kom 'n tyd wanneer julle sal swaarkry. Daardie tyd is klaar hier. Die
mense sal julle jaag na al die kante toe en julle sal na julle huise vlug. Julle sal My
alleen los, maar Ek sal nie regtig alleen wees nie, want die Vader is by My.

33Ek sê dit alles vir julle sodat julle vrede kan hê omdat julle aan My behoort. Die
mense van die wêreld sal julle laat swaarkry, maar julle moenie moedeloos word nie.
Ek het die wêreld klaar oorwin."

Johannes 17

Jesus bid vir die dissipels

1Jesus het dit alles vir die dissipels gesê, en daarna het Hy opgekyk na die hemel en
gebid. Hy het gebid: "Vader, die tyd het nou gekom. Nou moet U vir die mense wys
dat Ek ook God is. Dan kan Ek ook weer vir die mense wys dat U God is.

2U het gesê Ek regeer oor al die mense. Daarom kan Ek die ewige lewe gee vir die
mense wat U vir My gegee het.

3As hulle die ewige lewe het, dan beteken dit hulle ken U, die enigste ware God, en
hulle ken My, Jesus Christus, U het My na die wêreld gestuur.

4"Toe Ek op die aarde was, het Ek vir die mense gewys dat U God is, want U het vir
My werk gegee om te doen, en Ek het die werk klaar gedoen.

5Vader, nou moet U My na U toe neem. Dit sal vir die mense wys dat Ek ook God is.
U moet vir hulle wys dat Ek by U was en dat Ek ook God was voordat die wêreld daar
was.

6"U het party van die mense in die wêreld vir My gegee, en Ek het vir hulle vertel van
U. Hulle was u mense. U het hulle vir My gegee, en hulle het gedoen wat U gesê het
hulle moet doen.

7Hulle weet nou dat alles wat U vir My gegee het, van U kom.

8Wat U vir My gesê het, het Ek vir hulle gesê. Hulle het dit gehoor en hulle het
geweet dit is waar dat Ek van U kom. Ja, hulle het geglo dat U My na die wêreld
gestuur het.

9"Ek bid vir die mense wat U vir My gegee het, Ek bid nie vir die mense van die
wêreld nie. Ja, Ek bid vir die mense wat U vir My gegee het, want hulle behoort aan
U.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Alles en almal wat aan My behoort, behoort ook aan U. Alles en almal wat aan U
behoort, behoort ook aan My. Hulle wys dat Ek God is.

11Ek sal nie meer lank op die aarde wees nie, maar hulle sal op die aarde wees, en Ek
kom na U toe. “ Heilige Vader, U het u Naam vir My gegee. Daarom vra Ek dat U hulle
moet beskerm met u Naam. Dan kan hulle saamwerk soos Ek en U saamwerk.

12Toe Ek by hulle was, het Ek u Naam gebruik om hulle te beskerm, die Naam wat U
vir My gegee het. Ek het hulle opgepas en hulle het nie verlore gegaan nie. Net een
van hulle het verlore gegaan, en hy móés verlore gaan. So het dit waar geword wat
in die Ou Testament geskryf is.

13Nou gaan Ek na U toe. Ek bid al hierdie dinge terwyl Ek nog op die aarde is, want Ek
wil die mense bly maak wat U vir My gegee het. Ek wil hulle regtig baie bly maak.

14“Ek het vir hulle vertel wat U vir My gesê het, en die mense van die wêreld het
hulle gehaat, omdat hulle nie aan die wêreld behoort nie. Ek behoort ook nie aan die
wêreld nie.

15Ek vra nie dat U hulle moet wegneem uit die wêreld nie. Ek vra dat U hulle moet
beskerm teen die duiwel.

16Hulle behoort nie aan die wêreld nie, soos Ek ook nie aan die wêreld behoort nie.

17“Wat U sê, is die waarheid. Gebruik die waarheid om hulle aan U te wy.

18U het My na die mense van die wêreld gestuur. So het Ek die mense wat U vir My
gegee het, ook na die mense van die wêreld gestuur.

19Ek wy Myself aan U, Ek word ’n offer sodat die mense kan lewe wat U vir My
gegee het. Dan kan U die waarheid gebruik om hulle aan U te wy.

20“Ek bid nie net vir hierdie mense nie. Ek bid ook vir die ander mense wat in My sal
glo omdat hierdie mense vir hulle sal vertel van My.

21Vader, Ek bid dat hulle almal sal saamwerk. Dan sal hulle by Ons wees soos U by
My is en soos Ek by U is. Dan sal die mense van die wêreld glo dat U My na die
wêreld gestuur het.

22U het gesê Ek is God, en so het Ek ook vir hulle die ewige lewe gegee. Daarom kan
hulle saamwerk, soos Ons saamwerk.

23Ek sal by hulle wees en U sal by My wees. Dan sal hulle waarlik saamwerk en die
mense van die wêreld sal weet U het My na die wêreld gestuur. Hulle sal ook weet U
is lief vir die mense wat U vir My gegee het, U is lief vir hulle, soos U lief is vir My.

24“Vader, Ek gaan nou na die hemel. Ek wil graag hê die mense wat U vir My gegee
het, moet ook daar saam met My wees. Dan kan hulle sien Ek is God. U het vir My
hierdie eer gegee, want U was lief vir My, ook voordat die wêreld daar was.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25 Regverdige Vader, die mense van die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en die mense wat U vir My gegee het, weet U het My na die wêreld gestuur.

26Ek het vir hulle vertel van U en Ek sal vir hulle nog meer vertel van U. Dan sal u liefde in hulle harte wees, die liefde wat U vir My het, en Ek sal by hulle wees."

Johannes 18

Die soldate en die wagte vang vir Jesus

(Ook Matt 26:36,47-52,54; Mark 14:32,43,45-47; Luk 22:39,47,50-51)

1Toe Jesus klaar gepraat het, het Hy saam met sy dissipels buitetoe gegaan. Hulle het na die ander kant van die Kedron-vallei gegaan. Daar was 'n tuin, en hulle het in die tuin ingegaan.

2Judas, wat vir Jesus verraai het, het ook geweet waar die tuin is, want Jesus en sy dissipels het baie maal daarnatoe gegaan.

3Daarom het Judas soldate gaan roep en ook party van die priesterleiers en die Fariseërs se wagte. Hulle het lampe, fakkels en wapens saamgeneem en hulle het by die tuin gekom.

4Jesus het voor daardie tyd geweet wat alles met Hom sal gebeur. Daarom het Hy na Judas en die soldate toe geloop en Hy het vir hulle gevra: "Vir wie soek julle?"

5Hulle het vir Hom gesê: "Ons soek vir Jesus van Nasaret." Jesus het gesê: "Dit is Ek." Judas het ook daar by hulle gestaan. Dit was hy wat vir Jesus verraai het.

6Toe Jesus vir hulle sê Hy is Jesus vir wie hulle soek, het hulle geskrik en op die grond geval.

7Jesus het weer vir hulle gevra: "Vir wie soek julle?" Hulle het gesê: "Ons soek vir Jesus van Nasaret."

8Jesus het vir hulle gesê: "Ek het vir julle gesê dit is Ek. Dit is vir Mý wat julle wil vang, daarom kan julle my dissipels laat gaan."

9Jesus het dit gesê sodat die woorde waar kon word wat Hy voorheen gesê het: " Vader, U het vir my mense gegee, en Ek het nie een van hulle laat verlore gaan nie."

10Simon Petrus het 'n swaard by hom gehad. Hy het dit uitgeruk en hy het 'n slaaf van die hoëpriester daarmee gekap. Hy het die slaaf se regter-oor afgekap. Die slaaf se naam was Malgus.

11Toe sê Jesus vir Petrus: "Sit jou swaard terug op sy plek. My Vader wil hê Ek moet die beker van swaarkry drink, en Ek sal dit drink."

Petrus sê hy ken nie vir Jesus nie

(Ook Matt 26:58,69; Mark 14:54,67; Luk 22:54-56)

© Bible Society of South Africa.

12Die soldate, die offisier en die wagte van die Jode het vir Jesus gevang en hulle het Hom vasgebind.

13Hulle het Hom eers na Annas toe geneem. Annas was die skoonpa van Kajafas. Kajafas was daardie jaar hoëpriester.

14Dit was Kajafas wat vir die Jode gesê het dit is beter dat een mens sterf sodat al die mense van die volk kan lewe.

15Simon Petrus en ’n ander dissipel het Jesus gevolg. Die hoëpriester het die ander dissipel geken. Daarom het die ander dissipel saam met Jesus ingegaan tot voor die huis van die hoëpriester,

16maar Petrus het buite by die hek gebly staan. Later het die ander dissipel uitgekom, die hoëpriester het daardie dissipel geken. Die ander dissipel het met die vrou gepraat wat waggestaan het by die hek, en sy het vir Petrus laat inkom.

17Die vrou wat waggestaan het by die hek, het vir Petrus gesê: “Is jy ook een van hierdie man se dissipels?” Petrus het vir haar gesê: “Nee, ek is nie.”

18Dit was koud. Daarom het die slawe en die wagte vuur gemaak en hulle het hulleself warm gemaak. Petrus het ook by hulle gestaan en hy het homself warm gemaak.

Die hoëpriester vra vir Jesus vrae

(Ook Matt 26:63,57; Mark 14:61,53; Luk 22:54)

19Die hoëpriester het vir Jesus vrae gevra oor sy dissipels en oor alles wat Hy vir die mense geleer het.

20Jesus het vir hom gesê: “Ek het altyd met die mense gepraat waar almal My kon sien. Ek het vir die mense geleer in die sinagoges en in die tempel waar baie Jode bymekaarkom. Ek het vir hulle geleer waar almal dit kon hoor.

21Hoekom vra jy hierdie dinge vir My? Jy moet vir die mense gaan vra wat My gehoor het. Hulle weet wat Ek gesê het.”

22Een van die wagte het daar naby gestaan. Toe hy hoor wat Jesus sê, klap hy vir Jesus en sê: “Jy moenie so lelik met die hoëpriester praat nie!”

23Jesus het vir hom gesê: “As Ek iets verkeerd gesê het, dan moet jy vir My sê wat Ek verkeerd gesê het. Maar as Ek niks verkeerd gesê het nie, dan mag jy My nie klap nie.”

24Toe het Annas vir Jesus na Kajafas gestuur. Kajafas was die hoëpriester. Jesus was nog vasgebind.

Petrus sê weer hy ken nie vir Jesus nie

(Ook Matt 26:69-74; Mark 14:66-72; Luk 22:56-61)

© Bible Society of South Africa.

25Simon Petrus het nog buite by die vuur gestaan en hy het homself warm gemaak.
Die ander mense wat daar gestaan het, het vir hom gevra: “Is jy ook een van Jesus
se dissipels?” Petrus het gesê: “Nee, ek is nie.”

26Een van die slawe van die hoëpriester het ook daar gestaan. Hy was familie van
die man wie se oor Petrus afgekap het. Hy het vir Petrus gesê: “Ek dink ek het jou
saam met Jesus in die tuin gesien.”

27Maar Petrus het weer gesê hy ken nie vir Jesus nie. Toe het die haan gekraai.

Pilatus vra vir Jesus of Hy ’n koning is

(Ook Matt 27:2,11,13-14; Mark 15:1-2,4-5; Luk 23:1,3-4,9)

28Die Jode het vir Jesus gebring van Kajafas se huis na die huis van die goewerneur.
Dit was vroeg in die oggend. Hulle het nie in die goewerneur se huis ingegaan nie,
want hulle was bang hulle word onrein en dan mag hulle nie die Paas-ete eet nie.

29Pilatus, die goewerneur, het uitgegaan na die Jode daar buite. Hy het vir hulle gesê:
“Julle moet vir my sê wat hierdie man Jesus verkeerd gedoen het.”

30Hulle het vir Pilatus gesê: “Jesus het baie verkeerd gedoen. Daarom het ons hom
na jou toe gebring sodat jy hom moet straf.”

31Pilatus het vir hulle gesê: “Julle moet vir Jesus hier wegvat. Gaan kyk wat julle
wette sê en dan kan julle self besluit of hy skuldig is.” Die Jode het vir hom gesê:
“Nee, ons kan dit nie doen nie, want ons mag nie iemand doodmaak nie.”

32Dit het gebeur sodat die woorde kan waar word wat Jesus gesê het. Hy het
voorheen gesê hoe Hy sal sterf.

33Pilatus het weer in sy huis ingegaan. Hy het vir Jesus laat roep en hy het vir Jesus
gevra: “Is jy die koning van die Jode?”

34Jesus het vir Pilatus gevra: “Hoekom vra jy vir My of Ek die koning van die Jode is?
Het jy dit self gedink, of het ander mense met jou gepraat oor My?”

35Pilatus het vir Jesus gesê: “Ek is nie ’n Jood nie! Jou eie mense en die
priesterleiers het jou na my toe gebring. Hulle wil hê ek moet jou straf. Jy moet vir my sê wat jy
verkeerd gedoen het.”

36Jesus het vir hom gesê: “Ek is nie ’n koning soos die ander konings op die aarde nie.
As Ek so ’n koning is, dan sal my mense veg om My te beskerm, en jy sal My dan nie
vir die Jode kan gee nie. Nee, Ek is nie ’n koning soos die ander konings op die aarde
nie.”

37Pilatus het vir Jesus gesê: “O, jy is ’n koning?” Jesus het vir hom gesê: “Dit is jý wat
sê Ek is ’n koning. Ek is gebore en Ek het na die wêreld gekom om vir die mense van
die waarheid te kom vertel. Elkeen wat die waarheid gekry het van God, luister na
My.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

38Pilatus vra toe vir Jesus: “Wat is die waarheid? Ek dink niemand weet nie.”

Pilatus sê die soldate moet vir Jesus kruisig

(Ook Matt 27:15-17,21; Mark 15:6-9,11; Luk 23:18-19)

Toe Pilatus klaar met Jesus gepraat het, het Hy weer uitgegaan na die Jode toe. Hy het vir hulle gesê: “Jesus het niks verkeerd gedoen nie.

39Julle weet ek laat altyd vir julle iemand uit die tronk kom wanneer dit Paasfees is. Wil julle hê ek moet vir Jesus, die koning van die Jode, laat uitkom?”

40Hulle het hard geskree: “Nee, jy moenie vir Jesus laat uitkom nie! Jy moet vir Barabbas laat uitkom!” Barabbas was ’n man wat teen die Romeinse regering geveg het.

Johannes 19

1Toe het Pilatus vir die soldate gesê hulle moet vir Jesus met ’n sweep slaan.

2Die soldate het ’n kroon van dorings gevleg en hulle het dit op Jesus se kop gesit. Hulle het vir Jesus pers klere aangetrek.

3Toe het hulle weer en weer na Hom toe geloop en gesê: “Ons groet jou, Koning van die Jode!” Elke maal het hulle Hom geklap.

4Pilatus het weer buitetoe gegaan. Hy het vir die Jode gesê: “Kyk, ek sal nou vir Jesus buitetoe laat kom na julle toe, sodat julle kan weet ek dink Jesus het niks verkeerd gedoen nie.”

5Toe het Jesus buitetoe gekom. Die doringkroon was nog op sy kop en Hy het nog die pers klere aangehad. Pilatus het vir die Jode gesê: “Kyk hoe lyk die man nou!”

6Toe die priesterleiers en hulle wagte vir Jesus sien, skree hulle vir Pilatus: “Jy moet hom kruisig! Jy moet hom kruisig!” Pilatus het vir hulle gesê: “Nee, vat júlle hom en gaan kruisig hom. Ek dink hy het niks verkeerd gedoen nie.”

7Die Jode het vir Pilatus gesê: “Ons het wette en ons wette sê ons moet vir Jesus doodmaak, want hy het gesê hy is die Seun van God.”

8Toe Pilatus hoor wat die Jode sê, het hy nóg banger geword.

9Pilatus het weer ingegaan in sy huis. Hy het vir Jesus gesê: “Jy moet vir my sê van waar jy kom.” Maar Jesus het nie vir Pilatus geantwoord nie.

10Toe sê Pilatus vir Jesus: “Hoekom praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek kan besluit of jy vry sal wees en of die soldate jou sal kruisig nie?”

11Jesus het vir Pilatus gesê: “Nee, jy kan dit nie self besluit nie. God het besluit jy mag sê wat met My moet gebeur. Daarom doen die mense wat My na jou toe gebring het, groter sonde as jy.”

© Bible Society of South Africa.

12Toe Pilatus hoor wat Jesus sê, het hy probeer om vir Jesus te laat gaan, maar die Jode het hard geskree: “As jy vir Jesus laat gaan, dan is jy nie die keiser se vriend nie. Jesus het gesê hy is ’n koning. Daarom is hy ’n vyand van die keiser.”

13Toe Pilatus hoor wat die Jode sê, het hy vir Jesus buitetoe laat bring. Pilatus het op die regterstoel gaan sit. Die plek waar die regterstoel gestaan het, se naam was die Klipstoep. Die Hebreeuse naam van die plek is Gabbata.

14Dit was die dag voor die Paasfees, die dag waarop die Jode alles gereedgemaak het vir die Paasfees. Dit was omtrent twaalfuur die middag. Pilatus het vir die Jode gesê: “Kyk, hier is julle koning!”

15Hulle het hard geskree: “Jy moet vir Jesus wegvat! Jy moet hom wegvat! Jy moet hom laat kruisig!” Pilatus het vir hulle gevra: “Moet ek vir Jesus, julle koning, laat kruisig?” Die priesterleiers het vir Pilatus gesê: “Jesus is nie ons koning nie! Ons het net een koning, en dit is die keiser!”

16Toe het Pilatus gesê die priesterleiers mag vir Jesus vat en Hom laat kruisig.

Die soldate kruisig vir Jesus

(Ook Matt 27:26,31,33,35-38,55-56; Mark 15:15,20,22,24-27,40-41; Luk 23:25-26,32-34,38,49)

Die soldate het vir Jesus weggevat om Hom te kruisig.

17Jesus het self sy kruis gedra en Hy het uit die stad gegaan, na die Kopbeenplek. Die Hebreeuse naam van die plek is Golgota.

18Daar het die soldate vir Jesus gekruisig. Hulle het twee ander mans saam met Hom gekruisig, een links langs Jesus en een regs langs Hom.

19Pilatus het op ’n plank bo-aan die kruis laat skryf: “Hier hang Jesus van Nasaret, die koning van die Jode.”

20Baie Jode het gelees wat daar geskryf was, want die plek waar die soldate vir Jesus gekruisig het, was naby die stad. Die woorde op die plank was in Hebreeus, Latyn en Grieks.

21Die Joodse priesterleiers het toe vir Pilatus gaan sê: “Jy moenie skryf: ‘Jesus, die koning van die Jode’ nie. Jy moet skryf: ‘Jesus het gesê hy is die koning van die Jode.’ ”

22Pilatus het vir hulle gesê: “Ek het dit geskryf en ek sal dit nie verander nie.”

23Nadat die soldate vir Jesus gekruisig het, het hulle sy klere gevat. Hulle het sy bo-klere in vier dele gedeel, en elke soldaat het ’n deel gekry. Jesus se onderkleed was alles een stuk materiaal, dit het nie ’n naat gehad nie.

24Die soldate het vir mekaar gesê: “Ons moenie die onderkleed stukkend skeur nie. Dit sal beter wees as ons lootjies trek om te sien wie dit moet kry.” Dit het gebeur sodat dit waar kan word wat in die Ou Testament geskryf is. Daar is geskryf: Hulle

© Bible Society of South Africa.

het my klere tussen hulle gedeel. Hulle het lootjies getrek oor my klere. Dit is wat die soldate gedoen het.

25Jesus se ma het naby sy kruis gestaan. Haar suster was ook daar, ook Maria vrou van Klopas, en Maria Magdalena.

26Jesus het gesien sy ma staan daar en ook die dissipel vir wie Hy lief was. Toe sê Jesus vir sy ma: “Mevrou, daardie dissipel is nou jou seun.”

27En Hy sê vir daardie dissipel: “Daardie vrou is nou jou ma.” Van toe af het daardie dissipel vir Jesus se ma by hom laat woon.

Jesus sterf

(Ook Matt 27:48-50; Mark 15:36-37; Luk 23:36,46)

28Jesus het geweet al sy werk op aarde was nou klaar. Daarom het Hy gesê: “ Ek is dors.” Hy het dit gesê sodat dit waar kan word wat in die Ou Testament geskryf is.

29Daar het ’n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het ’n spons vol suur wyn gemaak en hulle het dit op ’n hisop-tak gesit. Hulle het dit teen Jesus se mond gedruk.

30Jesus het die wyn gedrink en gesê: “Nou het Ek my werk klaar gedoen!” Hy het sy kop vorentoe gebuig en Hy het gesterf.

31Dit was die dag toe die Jode alles gereedgemaak het vir die Sabbatdag, ’n baie belangrike Sabbatdag. Die Jode wou nie hê Jesus en die ander twee mans se liggame moet op die Sabbatdag aan die kruise hang nie. Daarom het die Jode vir Pilatus gevra dat sy soldate eers hulle bene moet breek voordat die soldate die liggame van die kruise afhaal.

32Die soldate het gegaan en hulle het die eerste man se bene gebreek. Toe het hulle ook die bene gebreek van die ander man wat saam met Jesus gekruisig is.

33Toe die soldate by Jesus kom, sien hulle Jesus is klaar dood. Daarom het hulle nie sy bene gebreek nie,

34maar een van die soldate het ’n spies in Jesus se sy gesteek en dadelik het daar bloed en water uitgekom.

35Die man wat dit alles sien gebeur het, het dit vertel. Wat hy vertel het, is die waarheid. Hy weet dat hy die waarheid praat. Hy doen dit sodat julle kan glo.

36Dit alles het gebeur sodat dit waar kon word wat in die Ou Testament geskryf is: “Die mense sal nie sy bene breek nie.”

37Op ’n ander plek in die Ou Testament is geskryf: “ Hulle sal Hom sien, Hy is die Een, hulle het Hom met ’n spies gesteek.”

Josef van Arimatea en Nikodemus sit Jesus se liggaam in ’n graf

(Ook Matt 27:57-60; Mark 15:42-43,45-46; Luk 23:50-54)

© Bible Society of South Africa.

38Josef van die stad Arimatea was ’n dissipel van Jesus, maar dit was ’n geheim, want hy was bang vir die Jode. Nadat Jesus gesterf het, het Josef vir Pilatus gevra of hy Jesus se liggaam mag wegneem. Pilatus het gesê hy mag dit doen. Toe het Josef gegaan en hy het Jesus se liggaam gaan afhaal van die kruis.

39 Nikodemus, wat voorheen in die nag na Jesus toe gekom het, het ook kom help. Hy het ’n groot klomp mirre en aalwyn gemeng en hy het dit saamgebring.

40Josef van Arimatea en Nikodemus het Jesus se liggaam geneem en hulle het dit met lappe toegedraai saam met die mirre en aalwyn. Die Jode het dit altyd gedoen voordat hulle iemand begrawe het.

41Op die plek waar die soldate vir Jesus gekruisig het, was daar ’n tuin. In die tuin was daar ’n nuwe graf. Die mense het nog nooit iemand in daardie graf begrawe nie.

42Josef van Arimatea en Nikodemus het Jesus se liggaam in daardie graf gaan sit, want die graf was daar naby en dit was die dag voor die Sabbatdag, die dag wanneer die Jode alles moes gereedmaak vir die Sabbatdag.

Johannes 20

Jesus lewe weer

(Ook Matt 28:1-2,8; Mark 16:1-2,4,8; Luk 24:1-2,8-10,12)

1Vroeg die Sondag-oggend het Maria Magdalena na Jesus se graf gegaan. Dit was nog donker. Sy het gesien die klip voor die graf is weg.

2Toe hardloop sy na Simon Petrus en die ander dissipel, die dissipel vir wie Jesus lief was. Sy het vir hulle gesê: “Iemand het die Here se liggaam weggeneem uit die graf en ons weet nie waar hy Hom gesit het nie.”

3Petrus en die ander dissipel het na die graf gegaan.

4Hulle het saam na die graf gehardloop. Maar die ander dissipel het vinniger as Petrus gehardloop en hy het eerste by die graf gekom.

5Hy het gebuk en in die graf gekyk. Hy het gesien die grafdoeke lê daar, maar hy het nie ingegaan in die graf nie.

6Ná die dissipel vir wie Jesus lief was, het Simon Petrus ook daar gekom. Petrus het ingegaan in die graf en hy het gesien die grafdoeke lê daar.

7Hy het ook die doek gesien wat om Jesus se kop was. Die doek het nie by die ander grafdoeke gelê nie. Iemand het dit opgevou, en dit was op ’n ander plek.

8Die ander dissipel wat eerste by die graf was, het toe ook ingegaan. Hy het gesien Jesus se liggaam is nie daar nie en hy het geglo.

9Die Ou Testament sê Jesus sal weer lewe, maar die dissipels het dit nog nie verstaan nie.

© Bible Society of South Africa.

10Toe het die twee dissipels weer teruggegaan.

Jesus praat met Maria Magdalena

(Ook Matt 28:8-10; Mark 16:9-10; Luk 24:10)

11Maria het by die graf gestaan en huil. Terwyl sy huil, het sy vorentoe gebuk en sy het ingekyk in die graf.

12Sy sien toe twee engele. Hulle het wit klere aangehad. Hulle het gesit op die plek waar Jesus se liggaam gelê het. Een engel het gesit waar sy kop was, en die ander engel waar sy voete was.

13Die twee engele het vir haar gevra: “Mevrou, hoekom huil jy?” Sy het gesê: “Hulle het my Here se liggaam weggeneem, en ek weet nie waar hulle Hom gesit het nie.”

14Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai. Sy sien toe vir Jesus, Hy het daar gestaan, maar sy het nie geweet dit is Jesus nie.

15Jesus het vir haar gesê: “Mevrou, hoekom huil jy? Vir wie soek jy?” Maria het gedink dit is die man wat daar in die tuin werk. Daarom het sy vir Hom gesê: “Meneer, het jy my Here weggeneem? As jy Hom weggeneem het, sê dan vir my waar jy Hom gesit het. Dan kan ek Hom gaan haal.”

16Jesus het vir haar gesê: “Maria!” Toe draai sy na Jesus en sê: “Rabboeni!” Rabboeni is ’n Hebreeuse woord, dit beteken “My Meneer.”

17Jesus het vir haar gesê: “Jy moenie aan My raak nie, want Ek moet nog na my Vader in die hemel gaan. Jy moet teruggaan na my broers, die dissipels. Gaan sê vir hulle Ek gaan na my Vader en my God. Hy is nou ook julle Vader en julle God.”

18Maria Magdalena het vir die dissipels gaan sê: “Ek het die Here gesien!” Sy het vir hulle vertel wat Jesus vir haar gesê het.

Jesus kom na die dissipels toe

(Ook Luk 24:36,39-40)

19Daardie selfde Sondagaand was die dissipels bymekaar. Al die deure was gesluit, want hulle was bang vir die Jode. Jesus het gekom en Hy het tussen hulle gaan staan. Hy het vir hulle gesê: “Ek gee vir julle my vrede!”

20Nadat Jesus dit gesê het, het Hy vir hulle gewys hoe lyk sy hande en hoe lyk dit waar die soldaat Hom met die spies gesteek het. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.

21Jesus het weer vir hulle gesê: “Ek gee vir julle my vrede. Die Vader het My gestuur. Nou stuur Ek julle ook.”

22Nadat Jesus dit gesê het, het Hy op hulle geblaas en gesê: “Ek gee vir julle die Heilige Gees.

23As julle ander mense se sondes vergewe, dan vergewe God ook hulle sondes. As julle nie hulle sondes vergewe nie, dan vergewe God ook nie hulle sondes nie.”

© Bible Society of South Africa.

Jesus en Tomas

24Tomas was een van die twaalf dissipels. Die mense het hom “Tweeling” genoem. Hy was nie by die ander dissipels toe Jesus aan hulle verskyn het nie.

25Hulle het vir Tomas gesê: “Ons het die Here gesien.” Tomas het vir hulle gesê: “Nee, ek glo dit nie. Ek sal dit net glo as ek die plekke in sy hande sien waar die spykers was en as ek my vinger daar kan indruk. Ek sal dit net glo as ek my hand kan indruk in die gat in Jesus se sy.”

26’n Week later was die dissipels weer bymekaar. Tomas was ook by hulle. Die deure was gesluit, maar Jesus het gekom en Hy het tussen hulle gaan staan. Hy het vir hulle gesê: “Ek gee vir julle my vrede!”

27Toe sê Hy vir Tomas: “Kom, druk jou vinger hier in my hande en kyk, en kom druk jou hand in die gat in my sy. Jy moenie ongelowig wees nie, jy moet glo!”

28Tomas het vir Jesus gesê: “U is my Here en my God!”

29Jesus sê toe vir hom: “Jy het My nou gesien, daarom glo jy. Maar die mense wat My nie sien nie en wat in My glo, hulle sal regtig gelukkig wees.”

Hoekom die Johannes-Evangelie geskryf is

30Jesus het nog baie ander wondertekens gedoen wat die dissipels gesien het, maar julle lees nie van daardie wondertekens in hierdie boek nie.

31Maar die wondertekens waarvan julle in hierdie boek lees, is geskryf sodat julle kan glo Jesus is die Christus, die Seun van God. Dit is geskryf sodat julle die ewige lewe kan kry omdat julle aan Hom behoort.

Johannes 21

Jesus verskyn aan sewe dissipels

1Nadat Jesus met Tomas gepraat het, het Jesus weer aan die dissipels verskyn. Dit was by die See van Tiberias en dit het so gebeur:

2Daar was ’n paar dissipels bymekaar. Hulle was Simon Petrus, Tomas, sy ander naam was “Tweeling,” Natanael van die stad Kana in Galilea, die seuns van Sebedeus, en nog twee van Jesus se dissipels.

3Simon Petrus het vir die ander dissipels gesê: “Ek gaan visvang.” Hulle sê toe vir hom: “Ons gaan saam met jou.” Hulle het gegaan en hulle het in die boot geklim, maar hulle het daardie nag niks vis gevang nie.

4Toe dit oggend word, het Jesus langs die see gestaan, maar die dissipels het nie geweet dit is Jesus nie.

5Jesus vra toe vir hulle: “My vriende, het julle iets gevang om te eet?” Hulle sê vir Hom: “Nee, ons het nie.”

© Bible Society of South Africa.

6Jesus het vir hulle gesê: “Julle moet die visnet regs van die boot uitgooi, dan sal julle
iets vang.” Hulle het die visnet uitgegooi in die water. Daar was toe so baie visse in
die net dat hulle dit nie kon intrek nie.

7Die dissipel vir wie Jesus lief was, sê toe vir Petrus: “Dit is die Here!” Toe Simon
Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy bo-kleed aangetrek, want hy het nie al sy
klere aangehad nie. Hy het in die see gespring en na Jesus toe gegaan.

8Die ander dissipels het met die boot gekom en hulle het die visnet gesleep wat vol
visse was. Dit was nie ver na die land nie, omtrent 200 el.

9Die dissipels het uit die boot geklim. Hulle sien toe ’n vuur op die strand, en daar
was vis op die kole. Daar was ook brood.

10Jesus het vir hulle gesê: “Bring van die vis wat julle nou gevang het.”

11Simon Petrus het in die boot geklim en hy het die visnet op die land getrek. Die
visnet was vol groot visse, daar was 153 visse. Daar was baie visse in die net, maar die
visnet het nie geskeur nie.

12Jesus het vir hulle gesê: “Kom eet julle oggend-ete!” Die dissipels wou nie reguit vir
Hom vra wie Hy is nie, hulle het geweet dit is die Here.

13Jesus kom toe en Hy neem van die brood en gee dit vir hulle. Hy het ook vir hulle
van die vis gegee.

14Dit was die derde maal dat Jesus aan die dissipels verskyn het nadat God Hom
weer laat lewe het.

Jesus en Petrus

15Toe die dissipels klaar oggend-ete geëet het, sê Jesus vir Simon Petrus: “Simon,
seun van Johannes, is jy lief vir My, meer as die ander dissipels?” Petrus het gesê:
“Ja, Here, U weet ek is lief vir U!” Jesus sê toe vir hom: “Dan moet jy my skape laat
wei, jy moet sorg vir my mense.”

16Jesus het die tweede maal vir Petrus gevra: “Simon, seun van Johannes, is jy lief vir
My?” Petrus sê vir Hom: “Ja, Here, U weet ek is lief vir U!” Jesus sê toe vir hom: “Dan
moet jy ’n herder wees vir my mense.”

17Jesus het die derde maal vir Petrus gevra: “Simon, seun van Johannes, is jy lief vir
My?” Petrus het baie hartseer geword omdat Jesus die derde maal vir hom gevra het
of hy lief is vir Hom. Hy sê toe vir Jesus: “Here, U weet alles! U weet Ek is lief vir U!”
Jesus sê toe vir hom: “Dan moet jy sorg vir my mense.

18Petrus, Ek sê vir jou, en dit is seker: Toe jy jonk was, het jy self jou klere vasgemaak
en jy het gegaan waar jy wil. Maar jy sal oud word en jy sal jou hande uitsteek en
iemand anders sal jou klere vasmaak en hy sal jou wegneem na ’n plek waar jy nie wil
wees nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19Toe Jesus dit gesê het, het Hy verduidelik hoe Petrus later sal sterf en vir God sal eer. Toe het Jesus vir Petrus gesê: “Kom saam met My!”

Jesus en die dissipel vir wie Jesus lief was

20Petrus het omgedraai. Hy sien toe die dissipel vir wie Jesus lief was, kom ook saam. Dit was dieselfde dissipel wat langs Jesus gesit het toe hulle geëet het en wat vir Jesus gevra het: “Here, sê vir ons wie is dit wat vir U sal verraai.”

21Toe Petrus die dissipel sien vir wie Jesus lief was, vra hy vir Jesus: “Here, wat sal gebeur met daardie dissipel?”

22Jesus het vir hom gesê: “As Ek wil hê hy moet lewe totdat Ek kom, dan is dit nie jou probleem nie. Ek het gesê jý moet saam met My kom.”

23Die dissipels het toe gedink die dissipel vir wie Jesus lief was, sal nooit doodgaan nie. Maar hulle was verkeerd. Jesus het nie gesê daardie dissipel sal nie doodgaan nie. Jesus het vir Petrus gesê: “As Ek wil hê hy moet lewe totdat Ek kom, dan is dit nie jou probleem nie.”

24Die dissipel vir wie Jesus lief was, is die dissipel wat alles vertel het wat in hierdie boek geskryf is, hy het dit alles geskryf. Ons weet dit is waar wat hy vertel het.

25Jesus het ook baie ander dinge gedoen, maar ’n mens lees nie daarvan in hierdie boek nie. As ’n mens oor dit alles ook wil skryf, dan dink ek daar sal nie genoeg plek in die wêreld wees vir al die boeke nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Handelinge

Handelinge 1

Jesus belowe dat die Heilige Gees sal kom

1 Teofilus, ek het in my eerste boek geskryf oor alles wat Jesus gedoen het en wat Hy
vir mense geleer het toe Hy op aarde was,

2 tot die dag toe Jesus na die hemel gegaan het. Jesus het mense gekies om
sy apostels te wees, en voordat God Hom na die hemel geneem het, het Jesus vir die
apostels gesê wat hulle moet doen wanneer Hy weg is. Die Heilige Gees het vir Jesus
gesê wat Hy vir hulle moet sê.

3 Nadat Jesus swaargekry en gesterf het, het Hy vir die apostels gewys dat Hy weer
lewe. Hy het baie maal vir hulle bewys dat Hy weer lewe. Hy het 40 dae lank baie
maal aan hulle verskyn en vir hulle vertel van God wat Koning is oor almal.

4 Jesus het by die apostels gebly en Hy het vir hulle gesê hulle mag nie weggaan van
Jerusalem nie. Hulle moes daar wag totdat alles gebeur het wat die Vader belowe
het. Jesus het gesê: “Ek het al klaar vir julle vertel van hierdie belofte.

5 Die belofte is: Johannes die Doper het julle met water gedoop, maar God sal julle
met die Heilige Gees doop. Julle sal nie lank moet wag nie.”

God neem Jesus na die hemel

6 Toe die apostels weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, sal U nou vir
Israel weer ’n sterk volk maak wat sy eie koning het?”

7 Maar Jesus het vir hulle gesê: “Julle mag nie weet wanneer die Vader die dinge sal
doen wat Hy graag wil doen nie. Net Hy kan besluit wanneer Hy dit sal doen.

8 Maar julle sal krag kry wanneer die Heilige Gees in julle kom. Dan sal julle my
getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot by die einde van
die wêreld.”

9 Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het God vir Jesus opgeneem na die hemel,
terwyl die apostels gestaan en kyk het. En ’n wolk het vir Jesus toegemaak sodat
hulle Hom nie meer kon sien nie.

10 Terwyl Jesus weggegaan het en die apostels na die hemel gekyk het, het daar
skielik twee manne by hulle gestaan, die manne het wit klere aangehad.

11 Die manne het gesê: “Manne van Galilea, hoekom kyk julle so na die hemel? God
het vir Jesus weggeneem na die hemel, maar dieselfde Jesus sal weer kom soos julle
gesien het dat Hy weggaan na die hemel.”

Die gelowiges kies iemand in Judas se plek

© Bible Society of South Africa.

12Die apostels was op die Olyf-berg, naby Jerusalem, so ver soos ’n mens op die Sabbatdag mag loop. Hulle het toe teruggegaan na Jerusalem.

13Toe hulle in Jerusalem kom, het hulle na die huis se bo-kamer gegaan waar hulle gebly het. Die apostels se name was: Petrus en Johannes en Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus die seun van Alfeus, Simon die patriot en Judas die seun van Jakobus.

14Die apostels het altyd saam gebid, saam met ’n paar vroue. Jesus se ma Maria en sy broers het ook saam gebid.

15Eendag was daar omtrent 120 mense bymekaar. Toe het Petrus, die leier, opgestaan en vir hulle gesê:

16“Vriende, die Heilige Gees het lank gelede vir Dawid gebruik om in die Ou Testament iets te sê oor Judas. Julle weet dat Judas vir die Joodse leiers gesê het hoe hulle vir Jesus kan vang. Daardie woorde in die Ou Testament móés waar word, en dit hét gebeur.

17Want Judas was een van ons en hy het die werk van ’n apostel gedoen.

18Judas het ’n stuk grond gekoop met die omkoopgeld wat hy van die Joodse leiers gekry het. ’n Paar dae later het hy vooroor geval, sy maag het oopgebars en sy derms het uitgekom.

19Die mense van Jerusalem weet almal daarvan. Hulle noem daardie stuk grond in hulle eie taal ‘Akeldama,’ dit beteken ‘Bloedgrond.’

20Want in die Psalms is daar geskryf: “ Sy woonplek moet ’n woestyn word, daar moet niemand woon nie, “en “ iemand anders moet sy werk doen.

21“Ons moet nou ’n man kies in Judas se plek. Hy moet iemand wees wat die hele tyd by ons was toe die Here Jesus sy werk gedoen het op die aarde,

22van die tyd toe Johannes gedoop het totdat Jesus na die hemel gegaan het. Hy moet saam met ons ’n getuie wees dat Jesus weer lewe nadat Hy gesterf het. Ons moet so ’n persoon kies.”

23Hulle het toe twee manne se name genoem. Dit was Josef en Mattias. Josef se ander name was Barsabbas en Justus.

24Toe het hulle gebid en gevra: “Here, U ken almal se harte. U het een van hierdie twee manne gekies

25om in Judas se plek te werk en ’n apostel te wees. U moet vir ons wys wie dit is, want Judas het sy werk gelos en hy het na sy eie plek gegaan.”

26Hulle het lootjies getrek en die lootjie het gewys dit moet Mattias wees. Toe was Mattias ook ’n apostel saam met die elf apostels.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Handelinge 2

God gee die Heilige Gees vir die gelowiges

1 Al die gelowiges was bymekaar op die dag van die Pinksterfees.

2 Hulle het skielik iets gehoor wat uit die hemel kom. Dit was soos ’n sterk wind wat
waai. Hulle het dit gehoor oral waar hulle in die huis gesit het.

3 Toe sien hulle iets wat lyk soos ’n klomp vuurvlamme bymekaar. Die vlamme het
gelyk soos tonge, en ’n vlam het op elke gelowige gaan sit.

4 Die Heilige Gees het in hulle almal gekom en hulle het begin praat in ander tale. Die
Gees het hulle laat praat in hierdie tale.

5 Daar was Jode in Jerusalem, hulle het in ander dele van die wêreld grootgeword en
het toe in Jerusalem kom woon. Daar was Jode van elke land in die wêreld. Hierdie
Jode was lief vir die Here en hulle het Hom gedien soos Hy wil hê.

6 Toe hulle hoor dat hierdie sterk wind kom, het baie van hierdie Jode saamgekom by
die huis. Hulle het nie geweet wat gebeur nie, want hulle het gehoor hoe praat die
gelowiges in die tale van elkeen van hulle wat uit die ander lande van die wêreld
kom.

7 Hulle was baie verbaas en hulle het gesê: “Al hierdie mense wat so praat, kom van
Galilea.

8 Elkeen van ons hoor sy eie taal wanneer hulle praat. Hoe gebeur dit?

9 Want ons is Jode uit verskillende volke: Perse, Mediërs, Elamiete, mense wat woon
in Mesopotamië, Judea, Kappadosië, Pontus, Asië,

10 Frigië, Pamfilië, Egipte en die dele van Libië naby Sirene, en mense wat woon in
Rome,

11 ook Jode en heidene wat die Jode se godsdiens aanvaar het, Kretensers en
Arabiere. Ons hoor hoe praat hulle in ons eie tale oor die groot dinge wat God
gedoen het.”

12 Hierdie Jode was almal verbaas en deurmekaar. Hulle het vir mekaar gesê: “Wat
kan dit beteken?”

13 Maar ander mense het gespot en gesê: “Hulle is dronk.”

Petrus praat op die Pinksterfees

14 Toe staan Petrus op saam met die ander elf apostels. Hy het hard en ernstig
gepraat en vir die mense gesê: “Joodse vriende, ja, almal wat in Jerusalem woon,
julle moet verstaan wat hier gebeur en julle moet goed luister na wat ek vir julle sê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Julle dink hierdie mense is dronk, maar hulle is nie, want dit is nou nege-uur in die oggend.

16Die dinge wat hier gebeur, is die dinge waaroor die profeet Joël gepraat het:

17" God het gesê: "Dit sal só wees in die laaste dae: Ek sal my Gees gee vir al die mense: Julle seuns en julle dogters sal God se boodskap bring. Julle jongmanne sal dinge sien wat die Here vir hulle wys, en julle ou manne sal drome droom.

18Ja, in die laaste dae sal Ek my Gees gee vir elke man en vrou wat vir My werk, en hulle sal God se boodskap bring.

19En Ek sal wondertekens gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde: bloed en vuur en rook.

20Die son sal heeltemal donker word, en die maan sal word soos bloed. Dan sal die groot en belangrike dag van die Here kom.

21En dit sal só wees: Die Here sal almal red wat tot Hom bid, almal wat vra dat Hy hulle moet red.

22"Israeliete, julle moet goed luister na wat ek sê: Julle weet dat God vir Jesus van Nasaret groot dinge en wonderwerke en tekens laat doen het toe Jesus by julle was. So het God gewys dat Hy self vir Jesus gestuur het.

23God het lank gelede besluit en geweet dat Hy hierdie Man sal gee vir die mense wat nie die wette van God ken nie, sodat hulle met Hom kan doen wat hulle wil. Hierdie mense het vir Jesus geneem en hulle het Hom vir julle gegee, en toe het julle Hom gekruisig en vermoor.

24Maar God het toe vir Jesus vrygemaak van die pyne van die dood, Hy het vir Jesus weer laat lewe. Want die dood kon nie vir Jesus vashou nie.

25Dawid het dinge gesê oor homself, maar hy het dit ook oor Jesus gesê. Dawid het gesê: " Ek het die Here altyd voor my gesien, want Hy is hier regs langs my sodat ek nie val nie.

26Daarom was my hart bly en was my tong baie bly. Ja, ek hoop en ek is seker dat my liggaam sal lewe.

27Want U sal nie vir my na die doderyk laat gaan nie. Ek is aan U gewy, U sal my nie laat sterf nie.

28U het vir my geleer hoe om te lewe, ek sal altyd bly wees wanneer U by my is.

29"Vriende, julle almal weet dat ek reg is as ek vir julle sê dat ons voorvader Dawid gesterwe het en begrawe is, en dat sy graf vandag nog by ons is.

30Maar Dawid was 'n profeet, en hy het geweet dat God vir hom belowe het dat een van sy nageslag eendag op sy troon sal sit.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

31Dawid het gesien wat later sal gebeur en daarom het hy gesê dat Christus weer sal
lewe. Dawid het gesê: “ God het Hom nie na die doderyk laat gaan nie, en sy liggaam
het nie gesterf nie.

32“God het vir Hóm, vir Jesus, weer laat lewe, en ons is almal getuies daarvan.

33God het vir Jesus opgeneem in die hemel en Hy het gesê dat Jesus op die
belangrikste plek langs Hom moet sit. Toe het die Vader vir Jesus die Heilige Gees
gegee, die Vader het dit belowe. En Jesus het die Heilige Gees vir ons gegee. Dit is
wat julle nou sien en hoor.

34Want Dawid het nie na die hemel gegaan nie. Dawid sê self: “ Die Here het vir my
Here gesê: ‘Jy moet hier langs My sit, op die belangrikste plek,

35want Ek sal jou vyande verneder, en Ek sal hulle voor jou laat lê sodat jy jou voete
op hulle kan sit.’

36“Die hele Israel moet nou weet, en dit is seker: Julle het vir Jesus gekruisig, maar
God het gesê dieselfde Jesus moet die Here en die Christus wees.”

Die gelowiges word meer

37Toe die mense hierdie woorde hoor, was hulle hartseer en ontsteld. Hulle het vir
Petrus en die ander apostels gevra: “Vriende, wat moet ons doen?”

38En Petrus het vir hulle gesê: “Julle moet verander en julle moet lewe soos God wil
hê. Julle almal moet gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle
sondes vergewe, en God sal die Heilige Gees vir julle gee.

39Want God het dit belowe vir julle en vir julle kinders en ook vir al die mense wat
nie Jode is nie. Ja, Hy belowe dit vir al die mense wat die Here ons God na Hom toe
sal roep.”

40Petrus het nog baie ander dinge gesê, hy het die mense gewaarsku en hy het
ernstig met hulle gepraat. Hy het gesê: “Julle moet vir God vra om julle te red, julle
moenie wees soos die wêreld se mense wat sonde doen nie.”

41Die mense wat besluit het om te doen wat Petrus sê, is gedoop. En God het nog
omtrent 3 000 mense op daardie dag gelowiges laat word.

Hoe die gelowiges gelewe het

42Die gelowiges het aangehou om die dinge te doen wat die apostels vir hulle geleer
het en hulle was altyd saam. Hulle het ook altyd saam geëet en gebid.

43Toe die ander Jode die wonderwerke en die tekens sien wat God die apostels laat
doen het, het hulle almal besef dat dit God is wat dit laat gebeur.

44Al die gelowiges was bymekaar, en hulle goed het aan hulle almal behoort.

45Hulle het hulle grond en huise en goed verkoop en hulle het die geld gegee vir
mense wat min gehad het.

© Bible Society of South Africa.

46Hulle het elke dag bymekaargekom in die tempel en hulle het saam geëet in
mekaar se huise. Hulle het vir mekaar kos gegee. Hulle het dit gedoen omdat hulle
bly was en omdat hulle mekaar graag wou help.

47Hulle het God geprys, en al die mense in Jerusalem het gehou van hulle. Die Here
het elke dag mense gered en so het die gelowiges meer geword.

Handelinge 3

’n Lam man kan weer loop

1Eendag het Petrus en Johannes na die tempel gegaan. Dit was die tyd toe die
mense na die tempel gekom het om te bid, omtrent drie-uur in die middag.

2Daar was mense wat besig was om ’n lam man nader te dra. Hy was lam vandat hy
gebore is. Sy mense het hom elke dag by een van die poorte van die tempel
neergesit. Die poort se naam was Mooi-poort. Die man het elke dag geld gevra vir
die mense wat by die tempel ingaan.

3Die man het vir Petrus en Johannes gesien toe hulle by die tempel wou ingaan, en
hy het vir hulle geld gevra.

4Petrus en Johannes het reguit na hom gekyk. Toe sê Petrus: “Kyk na ons.”

5Die man het na hulle gekyk en hy het gehoop dat hulle iets vir hom sal gee.

6Toe sê Petrus: “Ek het nie geld nie, maar ek gee vir jou wat ek het. Jesus Christus
van Nasaret het my gestuur. Daarom mag ek sy Naam sê en vir jou sê: Staan op en
loop.”

7Toe neem Petrus die man se regter-hand en hy help hom om op te staan. Die man
se voete en enkels het dadelik sterk geword

8en hy het opgespring en regop gestaan. Toe begin hy rondloop en hy gaan saam
met Petrus en Johannes in die tempel in terwyl hy loop en spring en vir God prys.

9Al die mense het gesien dat hy rondloop en dat hy vir God prys.

10Hulle het hom geken, hulle het geweet dat hy die man was wat by die Mooi-poort
van die tempel gesit het en geld gevra het. En hulle was baie verbaas oor wat met
hom gebeur het.

Petrus praat in die Pilaargang van Salomo

11Die man het vasgehou aan Petrus en Johannes. Hulle het gestaan in die Pilaargang
van Salomo en al die mense het na hulle toe gehardloop. Die mense was baie
verbaas.

12Toe Petrus die mense sien, het hy met hulle begin praat en gesê: “Israeliete,
hoekom is julle so verbaas oor hierdie wonderwerk? En hoekom kyk julle so na ons?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Dink julle ons het met ons eie krag hierdie man weer laat loop? Of dink julle ons kon dit doen omdat ons so godsdienstig is?

13Nee, dit is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob wat dit gedoen het. Ja, die God van ons voorvaders het dit gedoen. God het gesê sy Dienaar Jesus moet die Koning wees. Toe Jesus voor Pilatus gestaan het, wou Pilatus vir Jesus vry laat weggaan. Maar julle het Hom vir die Romeine gegee sodat hulle Hom kan doodmaak, julle wou Hom nie aanvaar nie.

14Julle wou nie die Heilige en Regverdige aanvaar nie. Julle het gevra dat Pilatus ’n moordenaar vry moet laat weggaan.

15Maar julle het die Leier doodgemaak wat vir mense die lewe wil gee. God het Hom weer laat lewe, en ons is die getuies daarvan.

16Hierdie lam man het in Jesus geglo toe hy sy Naam hoor, daarom het Jesus die man se bene sterk gemaak. Julle sien hierdie man en julle ken hom. Jesus het vir die man die geloof gegee en hierdie geloof het hom heeltemal gesond gemaak, julle almal het dit gesien.

17Ja, vriende, ek weet julle het nie besef wat julle doen nie, julle leiers het ook nie besef wat hulle doen nie.

18Maar God het lank gelede vir al die profete gesê hulle moet die boodskap bring dat die Christus van God sal swaarkry en sal ly. En nou het God dit alles waar laat word.

19Daarom moet julle nou julle lewe verander en julle moet lewe soos God wil hê. Julle moet na God toe gaan sodat Hy julle sondes heeltemal kan wegneem.

20Dan sal julle weet dat die Christus regeer en julle sal kalm en rustig wees. En die Here sal vir Jesus stuur, Hy het vir Jesus gekies en aangestel om die Christus te wees.

21Jesus moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. God het al hierdie dinge lank gelede gesê toe Hy vir sy gewyde profete gesê het om dit te sê.

22Moses het gesê: ‘ Julle God die Here sal vir julle ’n profeet stuur, die profeet sal wees soos ek is. Hierdie profeet sal een van julle wees. Julle moet luister na alles wat hy vir julle sal sê.

23Elkeen wat nie luister na daardie profeet nie, moet dit weet: Die Here sal hom wegvat van sy mense.’

24En al die profete het vertel van die dinge wat nou gebeur, die profete van die tyd af toe Samuel gelewe het, die een profeet ná die ander profeet.

25Julle is die kinders van die profete en van die verbond wat God gemaak het met julle voorvaders. God het vir Abraham gesê: ‘ Al die volke van die aarde sal My vra om hulle te seën soos Ek jou nageslag sal seën.’

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

26Daarom het God sy Dienaar Jesus gestuur. God het Hom eerste na julle toe laat kom. Die Dienaar wil julle seën, Hy wil elkeen van julle laat ophou om verkeerde dinge te doen."

Handelinge 4

Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

1Petrus en Johannes was besig om met die mense te praat. Toe kom die priesters en die offisier van die wagte wat by die tempel werk en die Sadduseërs daar aan.

2Hulle was baie kwaad en ontsteld omdat Petrus en Johannes vir die mense geleer en vertel het dat as jy in Jesus glo, dan sal jy weer lewe nadat jy gesterf het.

3Hulle het toe vir Petrus en Johannes gevang en hulle het hulle in die tronk gesit tot die volgende dag, want dit was al klaar donker.

4Maar baie van die mense wat gehoor het wat Petrus en Johannes sê, het begin glo. Hulle het net die mans getel, en daar was omtrent 5 000 mans.

5Die volgende dag het die Jode se leiers en familieleiers en skrifgeleerdes in Jerusalem bymekaargekom.

6Annas die hoëpriester, Kajafas, Johannes, Aleksander, en al die ander mans wat familie was van die hoëpriester, was ook daar.

7Hulle het vir Petrus en Johannes in die middel laat staan en het vir hulle gevra: "Wie se krag of wie se naam het julle gebruik toe julle die lam man gesond gemaak het?"

8Die Heilige Gees het toe in Petrus gekom, en Petrus het gesê: "Leiers van die volk en familieleiers,

9julle beskuldig ons vandag omdat ons iets goed gedoen het vir 'n siek man, omdat ons iets gedoen het wat hierdie man gesond gemaak het.

10Julle almal, en die hele volk Israel, moet weet dat Jesus Christus van Nasaret hierdie man gesond gemaak het, daarom staan die man nou hier voor julle. Julle het vir Jesus gekruisig, maar God het Hom weer laat lewe.

11Hierdie Jesus is " die klip, en julle is die bouers, julle het hierdie klip weggegooi, maar hierdie klip het die belangrikste klip in die hele gebou geword.

12"Net Jesus kan ons red, niemand anders nie. God het nie 'n ander naam op die aarde vir die mense gegee wat ons kan red nie, Hy wil hê die Naam van Jesus moet ons red."

13Die Joodse leiers was verbaas toe hulle sien dat Petrus en Johannes nie bang is om oor Jesus te praat nie. Want hulle het geweet dat Petrus en Johannes die Wette van

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Moses nie goed geken het nie en dat hulle nie geleer het om voor ander mense te praat nie. Hulle het ook geweet dat Petrus en Johannes dissipels van Jesus was.

14Maar hulle het gesien die lam man wat gesond geword het, staan by Petrus en Johannes, en daarom kon hulle niks daarteen sê nie.

15Hulle het vir Petrus en Johannes gesê om buite die Joodse Raad te gaan wag. Hulle het toe vergadering gehou en met mekaar gepraat.

16Hulle het gesê: “Wat sal ons doen met hierdie mense? Want God het hulle ’n teken laat doen, dit is seker. Al die mense van Jerusalem dink so, ons kan nie stry nie.

17Maar ons wil nie hê dat nog méér mense daarvan moet hoor nie. Daarom moet ons hulle waarsku om nie weer Jesus se Naam te noem nie, hulle moenie met iemand oor Hom praat nie.”

18Hulle het toe vir Petrus en Johannes geroep om na hulle toe te kom en hulle het gesê dat Petrus en Johannes glad nie oor Jesus mag preek of vir die mense mag leer van Hom nie.

19Maar Petrus en Johannes het vir hulle gevra: “Moet ons luister na God of moet ons luister na julle? Waarvan sal God hou? Julle kan self besluit.

20Want ons kan nie stilbly oor wat ons gesien en gehoor het nie.”

21Die Joodse leiers het vir Petrus en Johannes nog meer gewaarsku en hulle het hulle toe laat gaan. Want die leiers het nie geweet hoekom hulle vir Petrus en Johannes moet straf nie. En die leiers was ook bang vir die mense, want almal het God geprys oor wat gebeur het.

22Hulle het ook vir Petrus en Johannes laat weggaan omdat die man wat gesond geword het, meer as 40 jaar oud was. Dit was ’n wonderteken dat die man gesond geword het.

Die gelowiges bid baie ernstig

23Petrus en Johannes kon toe huis toe gaan. Hulle het na die ander gelowiges toe gegaan en hulle het vir die gelowiges alles vertel wat die priesterleiers en die familieleiers vir hulle gesê het.

24Toe die gelowiges dit hoor, het hulle saam ernstig tot God gebid en gesê: “Here, U het die hele wêreld gemaak: die hemel, die aarde, die see, en ook alles in die wêreld.

25U het met die Heilige Gees gepraat, en die Heilige Gees het met u dienaar Dawid, ons voorvader, gepraat, en toe het Dawid geskryf: “ Hoekom het die heidene geraas? Hoekom het hulle planne gemaak wat niks sal help nie?

26Die konings van die aarde het opstandig geword, en die mense wat regeer, het bymekaargekom en planne gemaak teen die Here en teen sy gesalfde.

© Bible Society of South Africa.

27“Want dit is wat regtig in hierdie stad gebeur het. Koning Herodes en Pontius Pilatus het saam met die heidene en die volk Israel bymekaargekom teen u heilige Dienaar Jesus. U het Hom gesalf.

28Hulle het gedoen wat U lank gelede besluit het. En wat U besluit het, sal gebeur.

29Here, hulle hou aan om te sê dat hulle ons sal straf. U moet nou vir ons, u dienaars, help sodat ons nie bang sal wees om u boodskap te bring nie.

30U moet ook aanhou om mense gesond te maak, en U moet tekens en wonderwerke laat gebeur wanneer die apostels die Naam noem van u heilige Dienaar Jesus.”

31Toe hulle klaar gebid het, het God die plek laat skud waar hulle bymekaar was. Die Heilige Gees het in almal gekom en hulle het toe die boodskap van God gebring, hulle was nie bang nie.

Die gelowiges deel alles met mekaar

32Baie mense het begin glo en hulle het almal dieselfde gedink en gevoel. Niemand het gesê dat sy goed net sy eie goed is nie, nee, hulle het alles gedeel met mekaar.

33Die apostels het ernstig getuig dat die Here Jesus gesterf het, maar dat Hy weer lewe. En God was baie goed vir hulle almal.

34Want niemand van hulle het te min gehad nie. Die mense wat grond of huise gehad het, het dit verkoop, en dan het hulle die geld gebring

35en dit vir die apostels gegee. Die apostels het dit uitgedeel vir elkeen wat iets nodig gehad het.

36Daar was ’n man, sy naam was Josef. Die apostels het hom Barnabas genoem. Barnabas beteken “Iemand wat ander mense bemoedig.” Hy was ’n Leviet, hy het van die eiland Siprus gekom.

37Hy het ’n stuk grond gehad en hy het dit verkoop. Toe bring hy die geld en hy gee dit vir die apostels.

Handelinge 5

Ananias en Saffira

1Daar was ’n man, sy naam was Ananias. Sy vrou se naam was Saffira. Hulle het ook ’n stuk grond verkoop.

2Ananias het ’n deel van die geld vir homself gehou. Sy vrou het geweet dat hy die geld gehou het. Toe het Ananias die geld gebring wat oorgebly het en hy het dit vir die apostels gegee.

3Petrus het vir hom gesê: “Ananias, hoekom het jy geluister na die Satan? Hoekom het jy gesê hy mag oor jou hart regeer? Hoekom het jy vir die Heilige Gees gelieg?

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Want jy het gemaak of jy al die geld bring, maar jy het ’n deel van die geld vir jouself gehou.

4Die grond was altyd jou grond. En nadat jy dit verkoop het, kon jy met die geld maak wat jy wou. Hoekom het jy besluit om hierdie verkeerde ding te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie, jy het vir Gód gelieg.”

5Toe Ananias dit hoor, het hy gesterf en op die grond geval. En almal wat hiervan gehoor het, het baie bang geword.

6Die jongmanne het toe gekom, hulle het hom toegedraai en hom uitgedra en gaan begrawe.

7Ná omtrent drie uur het Ananias se vrou daar aangekom. Sy het nie geweet wat gebeur het nie.

8Petrus sê toe vir haar: “Sê vir my, het julle die grond verkoop vir soveel geld soos Ananias gesê het?” Sy sê toe: “Ja, dit is hoeveel geld ons gekry het.”

9Petrus het vir haar gesê: “Hoekom het jy en jou man saam besluit om die Gees van die Here te toets? Kyk, die jongmanne wat jou man begrawe het, staan hier by die deur en hulle sal jou ook uitdra.”

10Sy het dadelik gesterf en sy het by Petrus se voete op die grond geval. Toe die jongmanne inkom en sien dat sy dood is, het hulle haar uitgedra en hulle het haar by haar man begrawe.

11Die hele gemeente en almal wat dit gehoor het, het baie bang geword.

Wonderlike dinge gebeur

12Die Here het die apostels baie tekens en wonderwerke laat doen by die mense. En al die gelowiges het baie maal bymekaargekom in die Pilaargang van Salomo.

13Die ander mense was ’n bietjie bang om saam met die gelowiges te aanbid. Maar hulle het die gelowiges gerespekteer.

14Later het die Here meer en meer mense laat kom om saam met die gemeente te aanbid, mense wat in Hom glo. Daar was baie mans en vroue.

15Die mense van Jerusalem het die siek mense uitgedra tot buite in die strate. Daar het hulle die siek mense neergesit op slaapmatte en beddens. Hulle het gehoop dat Petrus sal verbykom en dat sy skaduwee op een van die siek mense sal val.

16Baie mense het ook van die stede rondom Jerusalem gekom. Hulle het hulle siek mense gebring en ook die mense wat onrein geeste in hulle gehad het, en die Here het hulle almal gesond gemaak.

Die Joodse leiers doen slegte dinge aan die apostels

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Toe het die hoëpriester en die hele groep wat saam met hom regeer het, baie jaloers geword. Hulle was Sadduseërs. Hulle het besluit om iets sleg te doen aan die gelowiges.

18Hulle het die apostels gevang en in die tronk gesit waar die gewone gevangenes was.

19Maar ’n engel van die Here het in die nag gekom. Hy het die deure van die tronk oopgemaak en hy het die apostels na buite gelei.

20Hy het vir die apostels gesê: “Gaan staan in die tempel en preek vir die mense alles wat hulle moet hoor van Jesus, sodat hulle waarlik kan lewe.”

21Die apostels het gedoen wat die engel gesê het. Hulle het baie vroeg die volgende oggend na die tempel gegaan en vir die mense geleer. Die hoëpriester en die mense wat saam met hom regeer het, het toe gesê al die mense van die Joodse Raad en al die familieleiers van Israel moet bymekaarkom en hulle moet vergadering hou. Hulle het toe wagte na die tronk gestuur om die apostels te gaan haal.

22Maar toe die wagte by die tronk kom, het hulle gesien die apostels is nie daar nie. Hulle het teruggekom en hulle het dit vir die Joodse leiers vertel.

23Hulle het gesê: “Toe ons by die tronk kom, was die tronk gesluit. Al die deure was toegesluit, en die wagte het by die deure gestaan. Maar toe ons die deure oopmaak, was daar niemand binne nie.”

24Toe die offisier van die wagte wat by die tempel werk en die priesterleiers dit hoor, was hulle baie verbaas. Hulle het gewonder wat gebeur het.

25Toe kom daar iemand en hy sê vir hulle: “Weet julle wat gebeur het? Die manne wat in die tronk was, staan in die tempel en hulle leer vir die mense.”

26Die offisier en die wagte het toe die apostels gaan haal. Hulle was nie kwaai met die apostels nie, want hulle was bang dat die mense hulle met klippe sal gooi.

27Hulle het die apostels gebring en hulle het die apostels voor die Joodse Raad laat staan. Die hoëpriester het hulle begin uitvra.

28Hy het gesê: “Ons het ernstig vir julle gesê: Julle mag nie vir die mense leer van Jesus nie. En nou praat almal in Jerusalem oor die dinge wat julle vir die mense leer. Julle sê ook dat dit óns is wat hierdie man doodgemaak het.”

29Petrus en die apostels het geantwoord en gesê: “Ons moet meer gehoorsaam wees aan God as aan mense.

30Julle het vir Jesus doodgemaak toe julle Hom aan die kruis opgehang het, maar toe het die God van ons voorvaders vir Jesus weer laat lewe.

© Bible Society of South Africa.

31God het vir hierdie Jesus die Leier en Redder gemaak. God het vir Jesus gesê Hy moet op die belangrikste plek langs God kom sit sodat die mense van Israel kan verander en kan lewe soos God wil hê en sodat Hy hulle sonde kan vergewe.

32Ons is getuies dat hierdie dinge gebeur het. God het die Heilige Gees gegee aan die mense wat luister na God, en die Heilige Gees getuig ook dat dit alles waar is."

33Die Joodse leiers het baie kwaad geword toe hulle dit hoor, en hulle het besluit om die apostels dood te maak.

34Toe het iemand van die Joodse Raad opgestaan. Sy naam was Gamaliël. Hy was 'n Fariseër en 'n skrifgeleerde, en al die mense het hom gerespekteer. Hy het gesê dat die wagte die apostels 'n klein tydjie buite moet laat staan.

35Gamaliël het toe vir die Joodse Raad gesê: "Vriende, Israeliete, julle moet oppas. Julle moet dink oor wat julle aan hierdie manne wil doen.

36Julle weet dat daar 'n tyd gelede iemand was, sy naam was Teudas. Hy het vir die mense gesê dat hy baie belangrik is. Omtrent 400 manne het hom gevolg. Maar die regering het hom laat doodmaak en hulle het die manne wat hom gevolg het, na al die kante toe gejaag. Ons het nie weer gehoor van Teudas en die manne wat hom gevolg het nie.

37Ná Teudas het Judas die Galileër opstandig geword teen die regering. Dit was in die tyd toe die regering die mense van die land getel het. Judas het gesê die mense moet saam met hom opstandig word. Maar die regering het ook vir Judas laat doodmaak, en hulle het almal wat vir Judas gevolg het, na al die kante toe gejaag.

38En nou praat ek oor die dinge wat nóú gebeur. Hierdie manne maak planne en hulle is besig om dinge te doen, maar ek sê vir julle: Julle moet wegbly van hierdie manne, los hulle. Want as hulle planne en die dinge wat hulle doen, net van ménse kom, dan beteken dit niks.

39Maar as dit Gód is wat dit doen, dan sal julle nie vir hulle kan keer nie. Julle sal miskien later besef dat julle teen God baklei het." Die Joodse Raad het geluister na Gamaliël.

40Hulle het gesê dat die apostels weer moet inkom na hulle toe. Hulle het die apostels geslaan en gesê dat hulle nie mag preek oor Jesus nie. Toe het hulle die apostels laat gaan.

41Die apostels het weggegaan van die Joodse Raad. Hulle was baie bly dat die Here besluit het dat dit húlle is wat moet swaarkry omdat hulle aan Jesus behoort.

42Hulle het aangehou om elke dag in die tempel en by die huise vir die mense te leer en om die goeie boodskap te bring dat Jesus die Christus is.

Handelinge 6

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die gemeente kies sewe manne

1Die gelowiges het in hierdie tyd meer en meer geword. Die mense in die gemeente wat Grieks praat, het begin kla oor die mense in die gemeente wat Hebreeus praat. Hulle het gesê dat die weduwees van die mense wat Grieks praat, nie genoeg kos kry wanneer die gelowiges elke dag vir die arm mense in die gemeente kos gee nie.

2Toe het die twaalf apostels al die gelowiges bymekaar laat kom. Die apostels het vir hulle gesê: “Ons, die apostels, moenie die hele dag besig wees om kos te gee vir die arm mense nie. Want dan sal ons nie genoeg tyd hê om die boodskap van God vir mense te bring nie. Dit is nie reg nie.

3Vriende, julle moet sewe manne in die gemeente kies. Almal moet weet en sê dat hulle goeie manne is. Die Heilige Gees moet regeer oor hulle lewens en hulle moet baie wysheid hê. Ons moet vir hulle die werk gee om vir die arm mense te sorg.

4En dan kan ons, die apostels, al ons tyd gebruik om vir mense te bid en om die boodskap van God te bring.”

5Die gelowiges het almal gedink dit is goed wat die apostels gesê het. Hulle het toe die volgende manne gekies: Stefanus, ’n man wat ’n sterk geloof gehad het, die Heilige Gees was in hom, Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaus. Nikolaus het voorheen in Antiogië gewoon. Hy was eers ’n heiden en hy het later die Jode se godsdiens aanvaar.

6Die gelowiges het hierdie manne voor die apostels laat staan. Die apostels het vir hulle gebid en hulle het hulle hande op die manne gesit.

7Meer en meer mense het die boodskap van God gehoor, en die gelowiges in Jerusalem het baie meer geword. Baie priesters het ook gehoorsaam geword, hulle het gelowiges geword.

Die Joodse leiers vang vir Stefanus

8God was genadig vir Stefanus en Hy het vir hom ook baie krag gegee, Stefanus het wonderwerke en groot tekens gedoen. Al die mense het geweet daarvan.

9Daar was Jode wat aan een van die sinagoges behoort het. Hierdie Jode was eers slawe maar toe het die Romeine gesê hulle mag vry wees. Hulle het gekom van Sirenië, Aleksandrië, Silisië en Asië. Hulle het begin om baie met Stefanus te praat en te stry.

10Maar hulle was nie so slim soos Stefanus nie. Stefanus het met wysheid gepraat, die Heilige Gees het vir hom gesê wat hy moet sê.

11Toe het die Jode omkoopgeld betaal vir party manne, en hierdie manne het gesê: “Ons het gehoor dat Stefanus vir Moses en God beledig.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Die manne van die sinagoge het vir die mense van Jerusalem en die familieleiers en die skrifgeleerdes kwaad gemaak vir Stefanus. Die mense het na Stefanus toe gehardloop, hulle het hom gegryp en na die Joodse Raad gebring.

13Die mense het vals getuies gekry wat sê: “Stefanus wil nie ophou om slegte dinge te sê teen hierdie gewyde woonplek en teen die Wette van Moses nie.

14Want ons het gehoor Stefanus sê dat hierdie Jesus van Nasaret hierdie tempel sal afbreek en dat hy die dinge sal verander wat Moses vir ons geleer het.”

15Almal in die Joodse Raad het reguit na Stefanus gekyk. Hulle het gesien dat sy gesig soos ’n engel se gesig lyk.

Handelinge 7

Stefanus praat met die Joodse Raad

1Die hoëpriester vra toe vir Stefanus: “Is dit waar wat hierdie mense sê?”

2En Stefanus sê: “My vriende, julle moet goed luister. God wat koning is, het verskyn aan ons voorvader Abraham toe hy in Mesopotamië gewoon het. Dit was voordat Abraham in Haran gewoon het.

3God het vir Abraham gesê: ‘ Jy moet weggaan uit jou land en van jou familie, en dan moet jy gaan na die land wat Ek vir jou sal wys.’

4Toe het Abraham weggegaan uit die land van die Galdeërs en hy het gaan woon in die land Haran. Toe Abraham se pa sterf, het God vir Abraham laat wegtrek van die land Haran tot by hierdie land waar julle nou woon.

5God het nie vir Abraham grond gegee in die land nie, glad nie, nie ’n klein stukkie grond nie. In daardie tyd het Abraham nog nie ’n kind gehad nie. Maar God het belowe dat Hy later die land vir Abraham en sy kinders ná hom sal gee.

6God het gesê: ‘ Abraham se nageslag sal vreemdelinge wees in ’n vreemde land. Die mense van daardie land sal Abraham se nageslag slawe laat word, en die mense sal slegte dinge doen aan hulle, 400 jaar lank.

7Maar Ek sal die mense straf wat Abraham se nageslag slawe laat word het.’ God het ook gesê: ‘ En nadat dit gebeur het, sal Abraham se nageslag wegtrek en hulle sal My dien in hierdie land.’

8Toe het God ’n verbond gemaak met Abraham, dit was die besnydenis. Daarom, toe Abraham die pa geword het van Isak, het hy vir Isak besny toe Isak ag dae oud was. En Isak het ook vir Jakob besny, en Jakob het dieselfde gedoen met die voorvaders van die twaalf stamme.

9“En die voorvaders was jaloers op Josef. Daarom het hulle hom verkoop aan mense van Egipte. Maar God was by Josef.

© Bible Society of South Africa.

10 God het vir Josef gered toe hy swaargekry het. Hy het vir Josef só baie wysheid gegee dat die farao, die koning van Egipte, baie van Josef gehou het. Die farao het vir Josef die regeerder gemaak oor Egipte en oor die farao se hele paleis.

11 Toe het dit baie droog geword in die hele Egipte en Kanaän. Die mense het baie swaar gekry, en ons voorvaders kon ook nie kos kry nie.

12 Jakob het gehoor dat daar kos is in Egipte. Hy stuur toe ons voorvaders die eerste maal daarnatoe.

13 Toe hulle die tweede maal in Egipte kom, het Josef vir sy broers gesê wie hy is. Toe het die farao ook gehoor van Josef se familie.

14 Josef het toe ’n boodskap gestuur en hy het gesê sy pa Jakob en die hele familie moet na Egipte kom. Hulle was 75 mense.

15 Jakob het toe afgegaan na Egipte. Hy en ons voorvaders het later daar gesterf.

16 Die Israeliete het die liggaam van Jakob en die liggame van die voorvaders teruggeneem na die stad Sigem, en hulle het die liggame begrawe in die graf wat Abraham gekoop het by die nageslag van Hemor in Sigem.

17 “Die tyd het gekom dat God sou doen wat Hy vir Abraham belowe het. Die Israeliete het toe al klaar ’n groot volk geword in Egipte, hulle was baie mense.

18 ’n Ander man het later koning geword in Egipte. Hy het nie vir Josef geken nie.

19 Hierdie koning het ’n skelm plan gemaak teen ons volk. Hy het slegte dinge gedoen aan ons voorvaders. Hy het gesê hulle moet hulle babas buite neersit sodat die babas kan sterf.

20 In hierdie tyd is Moses gebore. Hy was baie mooi. Sy ouers het drie maande lank goed vir hom gesorg.

21 Toe het hulle hom buite neergesit. Die farao se dogter het hom gekry en sy het hom aangeneem en grootgemaak soos haar eie seun.

22 Moses het al die wysheid van die Egiptenaars geleer, hy het geleer om die regte dinge te sê en te doen.

23 “Toe Moses 40 jaar oud was, het hy besluit om te gaan kyk hoe dit gaan met sy mense, die Israeliete.

24 Hy sien toe ’n Egiptenaar wat besig was om slegte dinge te doen aan ’n Israeliet. Moses het die Israeliet gehelp, hy het die Egiptenaar gestraf en hy het hom doodgeslaan.

25 Moses het gedink dat die Israeliete sal verstaan dat God hom wil gebruik om hulle te red. Maar hulle het dit nie verstaan nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26Die volgende dag het Moses gekom by twee Israeliete wat baklei. Hy wou hulle
help om vrede te maak. Hy sê toe: 'Vriende, julle altwee is Israeliete. Hoekom baklei
julle met mekaar?'

27Maar die een wat die probleem begin het, het vir Moses weggestamp en gesê:
' Wie het jou gekies en aangestel om regeerder en regter oor ons te wees?

28Nou wil jy vir my ook doodmaak soos jy gister die Egiptenaar doodgemaak het.'

29Toe Moses dit hoor, het hy gevlug. Hy het 'n vreemdeling geword in die land
Midian. Daar het hy die pa geword van twee seuns.

30"Daar het 40 jaar verbygegaan. Toe het 'n engel aan Moses verskyn in die woestyn
by Sinai-berg. Die engel was in die vlamme van 'n bos wat gebrand het.

31Moses was verbaas oor wat hy gesien het. Hy het nader gegaan om te kyk wat dit
is, en toe hoor hy die stem van die Here wat sê:

32' Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob.' Moses het
begin bewe en hy was te bang om na die bos te kyk.

33Toe sê die Here vir hom: ' Trek jou sandale uit, want die plek waarop jy staan,
is gewyde grond.

34Ek het gesien my volk kry baie swaar in Egipte. Ek het gehoor hoe kla hulle. Daarom
het Ek afgekom om hulle te red. Kom hier, Ek wil jou na Egipte stuur.'

35"Julle moet onthou, die Israeliete wou nie hê dat Moses hulle leier moes wees nie.
Hulle het gesê: 'Wie het jou gekies en aangestel om regeerder en regter oor ons te
wees?' Maar God het vir hóm, vir Móses, gestuur om regeerder en redder te wees.
God het dit gedoen toe die engel aan Moses verskyn het in die bos.

36Dit was Móses wat die Israeliete uitgelei het uit Egipte. Hy het 40 jaar
lank wonderwerke en tekens gedoen in die land Egipte en in die woestyn.

37Dit was hý, Móses wat vir die Israeliete gesê het: ' God sal 'n profeet vir julle stuur.
Hierdie profeet sal een van julle eie mense wees. Hy sal 'n profeet wees, soos ek.'

38Dit is hý, Móses, wat by ons voorvaders was in die woestyn. Hy het met hulle
gepraat wanneer hulle bymekaargekom het. Moses was ook op Sinai-berg by die
engel. Daar het die engel met Moses gepraat, en daar het Moses die boodskap gekry
wat vir ons die ware lewe gee.

39Maar ons voorvaders wou nie luister na Moses nie. Hulle wou nie hoor wat hy sê
nie, en hulle het verlang na Egipte.

40Hulle het vir Aäron gesê: ' Maak vir ons gode wat vir ons verder kan lei. Want ons
weet nie wat met Moses gebeur het nie, Moses wat ons uitgelei het uit Egipte.'

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

41Toe het hulle ’n beeld van ’n kalf gemaak, en hulle het offers gebring vir die afgod. Hulle was baie bly oor die beeld wat hulle met hulle hande gemaak het en hulle het feesgevier.

42Maar God het hulle gelos, Hy het hulle nie meer gekeer wanneer hulle die sterre wou aanbid nie. Dit is wat geskryf is in die boek van die profete: “ Mense van Israel, het julle vir My brand-offers en ander offers gebring toe julle 40 jaar lank in die woestyn was?

43Nee, julle het nie! Julle het die tent van Molek saamgeneem en die ster van julle god Refan. Julle het hierdie beelde gemaak om te aanbid. Daarom sal Ek julle wegstuur tot anderkant Babilon.

44“Ons voorvaders het die tent en die tien gebooie wat daarin was, by hulle in die woestyn gehad. God het vir Moses gesê om die tent te maak. Dit moes dieselfde lyk soos die tent wat God vir Moses gewys het.

45Ons voorvaders het hierdie tent gekry en hulle het dit in hierdie land ingebring. Dit het gebeur toe Josua die land oorwin en gevat het. God het die volke wat daar woon, weggejaag sodat ons voorvaders daar kon woon. Die tent het in die land gebly tot in die tyd toe Dawid gelewe het.

46God was goed vir Dawid, en Dawid het vir God gevra of hy vir Hom ’n woonplek kan bou sodat Jakob se nageslag daar vir God kan dien.

47Maar dit was Dawid se seun Sálomo wat ’n tempel gebou het vir God.

48Maar God wat in die hoogste hemel woon, woon nie in tempels nie, want dit is mense wat tempels bou. Dit is wat die profeet sê:

49“Die Here sê: Die hemel is my troon, die aarde is die plek waarop Ek my voete sit. Dink julle dat julle vir Mý ’n huis kan bou waar Ek kan woon? Dit sê die Here. Dink julle dat daar ’n plek is waar Ek moet rus?

50Ek het alles gemaak met my eie hande.

51“Julle is hardkoppig! Julle dink in julle hart soos die heidene dink, en julle wil nie luister nie. Julle stry altyd teen die Heilige Gees. Julle doen dieselfde wat julle voorvaders gedoen het.

52Julle voorvaders het slegte dinge gedoen aan al die profete. Julle voorvaders het die mense doodgemaak wat gesê het dat die Regverdige sal kom. En nou het júlle Hom verraai en vermoor.

53Julle is die mense wat die wette van God gekry het. God het die engele gebruik om dit vir julle te gee. Maar julle was nie gehoorsaam aan God se wette nie.”

Die Joodse Raad gooi vir Stefanus dood met klippe

© Bible Society of South Africa.

54Toe die Joodse Raad hierdie dinge hoor, het hulle baie kwaad geword, hulle was woedend. Hulle het op hulle tande gebyt, want hulle was baie kwaad vir Stefanus.

55Maar die Heilige Gees was in Stefanus. Stefanus het reguit opgekyk na die hemel, en hy het gesien dat God Koning is. Hy het ook vir Jesus gesien wat staan op die belangrikste plek langs God.

56Toe sê Stefanus: “Kyk, ek sien dat die hemel oop is en ek sien die Seun van die mens wat staan op die belangrikste plek langs God.”

57Maar die Joodse Raad het hard geskree en hulle het hulle ore toegedruk, want hulle wou nie hoor nie. Hulle het almal saam na Stefanus toe gehardloop

58en hulle het hom uitgejaag tot buite die stad. Toe het hulle begin om hom met klippe te gooi. En die getuies het hulle bo-klere neergesit by die voete van ’n jongman, sy naam was Saulus.

59En terwyl die Joodse Raad vir Stefanus met klippe gooi, het Stefanus gebid en gesê: “Here Jesus, neem my gees.”

60Toe het hy op sy knieë geval en hy het hard geskree: “Here, die mense maak my dood, maar U moenie vir hulle straf oor hierdie sonde nie, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” En nadat hy dit gesê het, het hy gesterf.

Handelinge 8

1Saulus het gedink dit is reg dat hulle vir Stefanus vermoor het.

Die Jode en Saulus doen slegte dinge aan die kerk

Op daardie dag het die Joodse leiers begin om baie slegte dinge te doen aan die kerk in Jerusalem. Al die gelowiges het gevlug na plekke in Judea en Samaria. Maar die apostels het in Jerusalem gebly.

2Daar was manne wat lief was vir die Here en wat Hom gedien het soos Hy wil hê. Hierdie manne het vir Stefanus begrawe. En hulle het baie gehuil en getreur oor hom.

3Saulus het probeer om die gemeente dood te maak. Hy het in die huise ingegaan en hy het mans en vroue weggesleep en in die tronk gegooi.

Die gelowiges en apostels bring die goeie boodskap in Samaria

4Die gelowiges wat gevlug het, het oral die goeie boodskap gebring.

5Filippus het na ’n stad in die provinsie Samaria gegaan. Hy het vir die mense die boodskap oor Christus gebring.

6Toe die mense hoor wat hy preek, en toe hulle die tekens sien wat hy doen, het hulle almal saam goed geluister na die dinge wat Filippus gesê het.

© Bible Society of South Africa.

7Baie mense het onrein geeste in hulle gehad, en die geeste het hard geskree wanneer hulle uit die mense uitgaan. En baie mense wat lam en kreupel was, het gesond geword.

8Die mense van daardie stad was baie bly.

9Daar het ’n man in die stad gewoon, sy naam was Simon. Hy kon toor en die mense van Samaria het gedink hy doen wonderlike dinge. Simon het self gesê dat hy baie belangrik is.

10Al die mense, die kinders en die grootmense, het ook gedink dat hy baie belangrik is. Hulle het gesê: “Hierdie man is die Krag van God, die mense noem hom ‘Die Groot Krag van God.’ ”

11Hulle het gedink dat Simon baie belangrik is omdat hy ’n lang tyd getoor het en die mense het gedink dat dit wonderlik is.

12Maar toe het Filippus gekom en hy het die goeie boodskap gebring dat God Koning is, die boodskap oor die Naam van Jesus Christus. Toe het die mense vir Filippus begin glo, en hulle is gedoop, die mans én die vroue.

13Simon het self ook begin glo. Nadat hy gedoop is, het hy die hele tyd by Filippus gebly. Hy het die tekens en wonderwerke gesien wat gebeur het, en hy was baie verbaas.

14Die apostels in Jerusalem het gehoor dat die mense in Samaria die boodskap van God aanvaar het. Hulle het toe vir Petrus en Johannes na Samaria gestuur.

15Petrus en Johannes het gegaan en hulle het gebid dat die mense die Heilige Gees kan kry.

16Want die Heilige Gees het toe nog nie in een van hulle gekom nie. Hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus.

17Petrus en Johannes het toe hulle hande op die mense gesit, en die mense het die Heilige Gees gekry.

18Toe Simon sien dat die apostels hulle hande op mense sit en dat die mense dan die Heilige Gees kry, wou hy vir die apostels geld gee.

19Hy het gesê: “Gee vir my ook hierdie krag. Dan kan ek ook my hande op iemand sit sodat hy die Heilige Gees kan kry.”

20Maar Petrus het vir hom gesê: “Gaan na die hel, jy én jou geld, omdat jy gedink het dat jy hierdie present van God met geld kan koop.

21God kan jou nie gebruik in sy werk nie, want jou hart is nie reg voor God nie.

22Jy moet hierdie slegte dinge wat jy dink, los en jy moet vir die Here vra of Hy jou sal vergewe omdat jy so verkeerd dink.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23Want ek sien dat jy baie jaloers is en dat slegte gedagtes jou vashou."

24Toe sê Simon: "Julle moet vir my bid tot die Here sodat niks met my gebeur nie, niks van die dinge wat julle gesê het nie."

25Die apostels het aangehou preek en hulle het die boodskap van die Here gebring. Toe het hulle teruggegaan na Jerusalem. Op die pad na Jerusalem het hulle in baie dorpies van die Samaritane die goeie boodskap gebring.

Filippus en die Etiopiër

26'n Engel van die Here het met Filippus gepraat. Hy het gesê: "Jy moet gereedmaak en jy moet na die suide gaan, na die pad wat van Jerusalem na die stad Gasa gaan. Dit is 'n stil pad."

27Filippus het toe gereedgemaak en hy het gegaan. Hy sien toe op daardie pad 'n man van die land Etiopië, die man was ontman en hy was 'n amptenaar van die kandake, die koningin van Etiopië. Die amptenaar moes kyk dat alles goed gaan met die koningin se geld. Die amptenaar het na Jerusalem gekom om te aanbid.

28Maar nou was hy op die pad terug huis toe. Hy het op sy wa gesit en hy het gelees uit die boek van die profeet Jesaja.

29Die Heilige Gees het vir Filippus gesê: "Jy moet nader gaan tot by die wa."

30Toe Filippus naby die wa kom, hoor hy dat die man lees uit die boek van die profeet Jesaja. Filippus vra toe vir hom: "Verstaan jy wat jy lees?"

31Die man sê: "Hoe kan ek dit verstaan? Iemand moet dit vir my verduidelik." Toe sê hy Filippus moet op die wa klim en hy moet langs hom kom sit.

32Hy het hierdie deel van die Ou Testament gelees: Hy was soos 'n skaap wanneer iemand dit wil slag, soos 'n skaap-lam wanneer iemand sy wol afskeer. Hy het stilgebly, hy het nie sy mond oopgemaak nie.

33Hulle het slegte dinge gedoen aan hom, hulle het nie reg gedoen aan hom nie. Hy kan nie 'n nageslag hê nie, want sy lewe op die aarde is verby.

34Die amptenaar vra toe vir Filippus: "Ek vra mooi vir jou, oor wie praat die profeet so? Praat hy oor homself of oor iemand anders?"

35Toe begin Filippus om die goeie boodskap oor Jesus vir die man te verduidelik. Hy het begin by hierdie deel van die Ou Testament.

36Toe hulle verder ry, kom hulle by water. En die amptenaar sê: "Kyk, daar is water. Hoekom mag ek nie gedoop word nie? Is daar iets wat keer?"

37 38Die amptenaar het gesê die wa moet stop. Filippus en die amptenaar het afgeklim tot in die water, en Filippus het hom gedoop.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

39Toe hulle uit die water kom, het die Gees van die Here vir Filippus weggeneem en die amptenaar het hom nie weer gesien nie. Die amptenaar het toe verder gegaan en hy was toe gelukkig.

40Filippus was later in die stad Asdod. Hy het na verskillende plekke gegaan en hy het die goeie boodskap gebring in al die stede totdat hy in die hawestad Sesarea gekom het.

Handelinge 9

Saulus begin om in Christus te glo

1Terwyl hierdie dinge gebeur het, het Saulus aangehou om te probeer om die mense dood te maak wat in die Here glo. Hy het daarom na die hoëpriester toe gegaan,

2en vir hom gevra om briewe te skryf wat hy, Saulus, kon saamneem na die leiers van die sinagoges in die stad Damaskus. Die briewe moes sê dat as Saulus mense kry wat behoort aan “ Die Pad,” mans en vroue, dan mag hy hulle vang en na Jerusalem neem.

3Terwyl Saulus op die pad was naby Damaskus, het daar skielik ’n lig rondom hom geskyn uit die lug.

4Toe hy op die grond val, het hy gehoor dat Iemand sê: “Saul, Saul, hoekom doen jy hierdie slegte dinge aan My?”

5Saulus vra toe: “Meneer, wie is jy?” Die Persoon het gesê: “Ek is Jesus, jy doen slegte dinge aan My.

6Maar jy moet opstaan en jy moet in die stad ingaan, dan sal iemand vir jou sê wat jy moet doen.”

7Die mans wat saam met Saulus geloop het, was so bang en verbaas dat hulle stil gaan staan het, want hulle het die stem gehoor van die Persoon wat gepraat het, maar hulle het niemand gesien nie.

8Toe Saulus opstaan van die grond, het hy sy oë oopgemaak, maar hy kon niks sien nie. Die mense wat saam met hom was, het toe sy hand geneem en hulle het hom in Damaskus ingebring.

9Saulus kon drie dae lank nie sien nie, en het hy niks geëet en ook niks gedrink nie.

10Daar was ’n gelowige in Damaskus. Sy naam was Ananias. Die Here het na Ananias gekom en Hy het vir hom gesê: “Ananias!” Ananias antwoord toe: “Hier is ek, Here, ek luister.”

11Die Here sê toe vir Ananias: “Staan op en gaan na Reguitstraat. Jy moet in die huis van Judas soek na Saulus wat van die stad Tarsus kom. Jy sal sien hy is besig om te bid.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Terwyl Saulus gebid het, het Ek vir hom gewys dat ’n man na hom toe kom en dat
hierdie man sy hande op hom sit sodat hy weer kan sien. Die man se naam is
Ananias.”

13Maar Ananias het vir die Here gesê: “Here, baie mense het vir my vertel dat hierdie
man baie slegte dinge in Jerusalem gedoen het aan die mense wat in U glo.

14En nou is Saulus hier, en die hoëpriester het gesê dat hy die mense mag vang wat
vir U aanbid en dien.”

15Die Here sê toe vir Ananias: “Jy moet na Saulus toe gaan, want Ek het hom gekies
en aangestel om vir My te werk en om vir die volke en hulle konings en ook vir die
Israeliete te vertel van My.

16Ek sal self vir hom wys hoe baie hy moet swaarkry omdat Hy vir mense van My
vertel.”

17Ananias het toe gegaan en hy het in die huis ingegaan. Hy het sy hande op Saulus
gesit en gesê: “Saulus, my vriend, jy het die Here Jesus gesien op die pad hiernatoe,
en dit is Hý wat my gestuur het na jou toe sodat jy weer kan sien en sodat die Heilige
Gees in jou kan wees.”

18Dadelik het daar iets afgeval van Saulus se oë. Dit het gelyk soos skubbe. Toe kon
hy weer sien. Hy het opgestaan, en Ananias het hom gedoop.

19Saulus het toe geëet en hy het beter gevoel.

Saulus preek in Damaskus

Saulus het ’n paar dae by die gelowiges in die stad Damaskus gebly,

20en hy het dadelik in die sinagoges begin preek oor Jesus. Hy het gesê: “Hierdie
Jesus is die Seun van God.”

21Al die mense wat vir Saulus gehoor praat het, was baie verbaas en hulle het gesê:
“Is Saulus die man wat in Jerusalem probeer het om die mense dood te maak wat vir
Jesus aanbid? Is hý die man wat hiernatoe gekom het om vir die mense wat vir Jesus
aanbid, te vang en na die priesterleiers toe te neem?”

22Maar Saulus het beter en beter gepreek vir die Jode wat in die stad Damaskus
woon en hy het só goed verduidelik dat Jesus die Christus is, dat hulle nie vir hom
kon antwoord nie.

Saulus vlug uit Damaskus

23Ná ’n lang tyd het die Jode planne gemaak om vir Saulus dood te maak,

24maar hy het gehoor van hulle planne. Hulle het elke dag en elke nag die stad
se poorte dopgehou om vir Saulus te vang en dood te maak.

25Maar mense wat ook gelowiges was, soos Saulus, het in die nag vir Saulus geneem
en hulle het hom in ’n groot mandjie laat afsak deur ’n venster in die stad se muur.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Saulus gaan terug na Jerusalem

26Toe Saulus in Jerusalem kom, het hy aangehou om te probeer vriende maak met die gelowiges. Maar hulle het nie geglo dat hy ’n gelowige is nie, en daarom was hulle almal bang vir Saulus.

27Maar Barnabas het vir Saulus gehelp. Hy het vir Saulus na die apostels toe geneem en hy het vir hulle vertel dat Saulus op die pad na Damaskus die Here gesien het en dat die Here toe met Saulus gepraat het. Barnabas het ook vir hulle vertel dat Saulus nie bang was om vir die mense in Damaskus van Jesus te vertel nie.

28En Saulus het oral in Jerusalem saam met hulle gegaan en hy was nie bang om vir die mense te vertel van die Here nie.

29Hy het ook gepraat met die Jode wat Grieks gepraat het, en hy het met hulle gestry, maar hulle het probeer om hom dood te maak.

30Toe die gelowiges dit uitvind, het hulle vir Saulus na die hawestad Sesarea geneem en van Sesarea het hulle hom na die stad Tarsus gestuur.

31Die kerk in die provinsies Judea, Galilea en Samaria het ’n tyd lank in vrede gelewe. God het hulle gehelp om aan te hou glo, hulle het die Here gedien en hulle was gehoorsaam aan Hom. Die Heilige Gees het die kerk sterk gemaak en meer en meer mense het in die Here begin glo.

Petrus maak Eneas gesond

32Petrus het van die een plek na die ander plek gegaan. Hy het ook gekom by mense wat in die stad Lidda woon en wat in die Here glo.

33Petrus sien toe daar ’n man, sy naam was Eneas. Hy het ag jaar lank op sy slaapmat gelê omdat hy lam was.

34Petrus sê toe vir hom: “Eneas, Jesus Christus maak jou gesond. Jy moet opstaan en jy moet jou slaapmat opvou!” Eneas het toe dadelik opgestaan.

35Al die mense van Lidda en die Saron-vlakte het Eneas gesien, en hulle het verander en begin lewe soos die Here wil hê.

Petrus laat Tabita weer lewe

36In die stad Joppe was daar ’n gelowige vrou. In die Aramese taal was haar naam Tabita. In die Griekse taal was haar naam Dorkas. Hierdie vrou het baie goeie dinge gedoen en sy het altyd arm mense gehelp.

37Sy het in daardie tyd siek geword en gesterf. Nadat mense haar liggaam gewas het, het hulle dit in die bo-kamer neergesit.

38Die stad Lidda was naby Joppe, en die gelowiges het gehoor dat Petrus daar in Lidda was. Daarom het hulle twee mans na Petrus toe gestuur om mooi vir hom te vra: “Kom asseblief gou na ons toe!”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

39Petrus staan toe op en gaan saam met hulle. Toe hy daar kom, het hulle hom na die bo-kamer geneem. Al die weduwees het by hom gestaan en huil, en hulle het vir Petrus die klere gewys wat Dorkas altyd gemaak het toe sy nog gelewe het.

40Petrus het almal uitgestuur en toe het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: “Tabita, staan op!” Tabita het haar oë oopgemaak, en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit.

41Petrus het toe Dorkas se hand geneem en hy het vir haar gehelp om op te staan. Toe het Petrus die weduwees en die ander gelowiges geroep, en hy het die vrou wat weer begin lewe het, voor hulle laat staan.

42Al die mense in die stad Joppe het gehoor wat Petrus gedoen het, en baie mense het in die Here begin glo.

43Petrus het ’n lang tyd in Joppe gebly by ’n leerlooier. Die man se naam was Simon.

Handelinge 10

Petrus en Kornelius

1Daar was ’n man in die hawestad Sesarea. Sy naam was Kornelius. Hy was ’n offisier van ’n groep Italiaanse soldate.

2Hy en almal in sy huis het God gedien en gerespekteer. Hy het baie goeie dinge gedoen om die arm mense in die Joodse volk te help, en hy het elke dag tot God gebid.

3Een middag omtrent drie-uur het God iets vir Kornelius gewys: ’n Engel van God het na Kornelius toe gekom en vir hom gesê: “Kornelius!”

4Kornelius was bang. Hy het na die engel gekyk en gesê: “Wat is dit, Meneer?” Die engel sê toe vir hom: “God het gehoor toe jy elke dag tot Hom gebid het en Hy het die goeie dinge gesien wat jy doen.

5Jy moet ’n paar mans na die hawestad Joppe stuur om vir Simon te gaan haal. Die mense noem vir Simon ook Petrus.

6Petrus bly by ’n man, sy naam is ook Simon. Hy is ’n leerlooier en hy het ’n huis by die see.”

7Die engel wat met Kornelius gepraat het, het weggegaan. Kornelius het twee van sy slawe wat in sy huis gewerk het, geroep en ook ’n soldaat wat vir hom gewerk het.

8Nadat Kornelius alles vir hulle vertel het, het hy hulle na Joppe gestuur.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Terwyl hulle die volgende dag op die pad na Joppe was en nader kom na die stad,
het Petrus op die huis se plat dak geklim om te bid. Dit was omtrent twaalfuur die
middag.

10Hy het honger geword en hy wou iets hê om te eet. Terwyl die mense besig was
om kos te maak, het die Here vir hom iets gewys, dit was soos in ’n droom.

11Petrus het gesien dat die hemel oop is en dat iets soos ’n groot stuk lap afkom uit
die hemel. Dit het gelyk of iemand die lap vashou aan die vier hoeke en of hy die lap
tot op die grond laat sak.

12In die groot stuk lap was van al die soorte diere: diere wat vier pote het, diere wat
op die aarde kruip en voëls.

13Petrus hoor toe dat Iemand vir hom sê: “Petrus, staan op, slag die diere en eet dit.”

14Maar Petrus het gesê: “Nee, Here, ek kan dit nie doen nie, want ek het nog nooit
iets geëet wat nie aan U gewy is nie, of iets wat onrein is nie.”

15Maar die Persoon het die tweede maal vir hom gesê: “God het hierdie diere rein
gemaak. Jy moenie sê dit is onrein nie.”

16Dit het drie maal gebeur, en toe het iemand weer die lap opgetrek in die hemel in.

17Petrus het gewonder wat die dinge beteken wat hy gesien het. Die mans wat van
Kornelius gekom het, het vir mense gevra waar Simon se huis is. Terwyl Petrus oor
alles gewonder het, het hulle by die voordeur van die huis gestaan.

18Hulle roep toe en vra of Simon daar woon. Simon se ander naam was Petrus.

19Terwyl Petrus gedink het oor die dinge wat hy gesien het, het die Heilige Gees vir
hom gesê: “Daar is drie mans wat jou soek.

20Jy moet nou opstaan en afgaan na hulle toe. En jy moet saam met hulle gaan, jy
moenie twyfel nie, want Ék het hulle gestuur.”

21Petrus klim toe af van die dak en hy gaan na die mans toe en vra vir hulle: “Julle
soek my, hier is ek. Hoekom is julle hier?”

22Toe antwoord hulle hom: “Die offisier Kornelius is ’n regverdige man, hy
respekteer vir God, en die hele Joodse volk sê goeie dinge van hom. ’n Heilige engel
het vir Kornelius gesê hy moet vir jou sê om na sy huis te kom sodat hy kan luister na
wat jy sê.”

23Petrus het toe die mans genooi om in die huis te kom en hy het gesê hulle mag die
nag daar slaap. Die volgende dag het Petrus opgestaan en hy het saam met hulle
gegaan. Party van die gelowiges van die hawestad Joppe het saam met hom gegaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24Die volgende dag het Petrus in Sesarea aangekom. Kornelius het klaar sy familie en
sy beste vriende bymekaargeroep, hy het vir Petrus gewag en was haastig dat hy
moet kom.

25Toe Petrus by die huis kom, het Kornelius hom gegroet en Kornelius het voor
Petrus se voete gekniel soos ’n mens voor ’n koning kniel.

26Maar Petrus het vir Kornelius gehelp om op te staan en hy het vir hom gesê: “Staan
op! Ek is self ook net ’n mens, soos jy.”

27Terwyl Petrus met Kornelius praat, het Petrus ingegaan in die huis. Hy sien toe daar
is baie mense

28en hy sê vir hulle: “Julle weet dat ’n Jood nie by iemand mag wees wat nie ’n Jood
is nie, ’n Jood mag ook nie vriende wees met iemand wat nie ’n Jood is nie. Maar
God het vir my gewys dat ek nie mag sê dat iemand nie aan God gewy is óf dat hy
onrein is nie.

29Daarom was ek nie ongehoorsaam nie en het ek gekom toe julle gesê het dat ek
hiernatoe moet kom. Sê nou asseblief vir my hoekom het julle gesê dat ek moet
kom?”

30Kornelius sê toe vir hom: “Drie dae gelede, op presies hierdie selfde tyd, drie-uur in
die middag, was ek besig om te bid in my huis. Skielik het daar ’n man met blink klere
voor my gestaan

31en hy het gesê: ‘Kornelius, God het geluister na jou gebed en Hy het die goeie
dinge gesien wat jy gedoen het.

32Jy moet nou mense na die stad Joppe stuur om vir Simon te gaan haal. Die mense
noem vir Simon ook Petrus. Hierdie Simon Petrus woon daar by ’n ander Simon, ’n
leerlooier, sy huis is by die see.’

33Daarom het ek dadelik mense na jou toe gestuur, en jy was baie vriendelik om
hiernatoe te kom. Ons almal is nou hier bymekaar waar God ons kan sien. Ons is hier
om te luister na alles wat die Here vir jou gesê het om vir ons te sê.”

Petrus praat by Kornelius se huis

34Toe het Petrus begin praat en gesê: “Ek verstaan nou waarlik dat God nie dink een
persoon is belangriker as ’n ander persoon nie.

35Nee, in elke volk hou God van die mense wat Hom respekteer en wat die dinge
doen wat God wil hê.

36Julle ken die boodskap wat God vir die Israeliete gestuur het. Jesus Christus het
daardie goeie boodskap van vrede vir hulle gebring. En Hý, Jesus, is die Here van
almal.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37Julle weet van die dinge wat gebeur het in die hele Joodse land. Dit het alles in die
provinsie Galilea begin toe Johannes die Doper gepreek het oor die doop waarmee
hy die mense doop.

38Julle weet dat God die Heilige Gees in Jesus van Nasaret laat kom het en dat God
vir Hom krag gegee het. God was by Jesus, daarom het Jesus na baie plekke gegaan
en Hy het goeie dinge gedoen: Hy het almal gesond gemaak wat baie swaar gekry het
omdat die duiwel in hulle was.

39En ons is getuies van alles wat Jesus in die land van die Jode en in Jerusalem
gedoen het. Die Jode het vir Jesus aan ’n houtpaal gehang en so het hulle Hom
doodgemaak.

40Maar God het vir Jesus op die derde dag weer laat lewe en God het Jesus vir ons
gewys.

41God het Hom nie vir al die mense van die volk gewys nie, net vir ons, ons wat saam
met Jesus geëet en gedrink het nadat Hy gesterf het en nadat God vir Jesus weer laat
lewe het. God het ons voor daardie tyd gekies om getuies hiervan te wees.

42God het ook gesê dat ons vir die volk moet vertel en moet getuig dat God vir Jesus
gekies en aangestel het om die Regter te wees. Die Regter moet oordeel oor die
mense wat lewe en oor die mense wat klaar gesterf het.

43Dit is oor Hóm wat al die profete getuig. Hulle sê dat God die sondes sal vergewe
van elkeen wat in Jesus glo.”

Mense wat nie Jode is nie, ontvang die Heilige Gees

44Terwyl Petrus nog besig was om hierdie dinge te sê, het die Heilige Gees gekom in
al die mense wat geluister het na Petrus se boodskap.

45-46Die Joodse gelowiges wat saam met Petrus gekom het, het gehoor dat die
mense in tale praat en hulle het gehoor dat die mense God prys. Die Joodse
gelowiges was toe baie verbaas omdat God die Heilige Gees ook in heidene laat kom
het. Petrus sê toe:

47“Niemand kan dit keer nie, hierdie mense mag met water gedoop word, want hulle
het ook die Heilige Gees ontvang, soos ons.”

48Petrus het toe gesê dat Kornelius en al sy mense gedoop moet word in die Naam
van Jesus Christus. Daarna het hulle vir Petrus gevra om nog ’n paar dae daar te bly.

Handelinge 11

Petrus vertel in Jerusalem wat gebeur het in Sesarea

1Die apostels en die ander gelowiges in die provinsie Judea het gehoor dat mense
wat nie Jode is nie, ook die boodskap van God aanvaar het.

© Bible Society of South Africa.

2 En toe Petrus in Jerusalem gekom het, het party Joodse Christene met Petrus begin
stry

3 en gesê: “Jy het na mense toe gegaan wat nie besny is nie, en jy het saam met hulle
geëet.”

4 Toe het Petrus begin om vir hulle alles mooi te verduidelik. Hy het gesê:

5 “Ek was besig om in die stad Joppe te bid, toe ek iets gesien het, soos in ’n droom.
Ek het gesien dat iets soos ’n groot stuk lap uit die hemel afkom na my toe, en dit het
gelyk of iemand die lap aan die vier hoeke vasgehou het.

6 Toe ek goed kyk, het ek gesien in die lap is daar diere wat vier pote het en wat op
die aarde bly, daar was ook wilde diere en diere wat kruip en voëls.

7 En ek het gehoor dat Iemand vir my sê: ‘Petrus, staan op, slag die diere en eet dit.’

8 Maar ek het geantwoord: ‘Nee, Here, ek kan dit nie doen nie, want ek het nog nooit
iets geëet wat nie aan U gewy is of wat onrein is nie.’

9 Maar die Persoon het die tweede maal uit die hemel vir my gesê: ‘God het hierdie
diere rein gemaak. Jý moenie sê dit is onrein nie.’

10 Dit het drie maal gebeur, en toe het iemand weer die lap met alles daarin opgetrek
in die hemel in.

11 En skielik het daar drie mans by die huis gestaan, die huis waarin ons was.
Kornelius het hulle van Sesarea na my toe gestuur.

12 En die Heilige Gees het vir my gesê om saam met hulle te gaan en nie te stry nie.
Hierdie ses gelowiges van die stad Joppe het ook saam met my gegaan, en ons het in
die huis van Kornelius ingegaan.

13 Kornelius het vir ons vertel dat hy gesien het ’n engel staan in sy huis, en die engel
het vir hom gesê: ‘Jy moet iemand na Joppe stuur en vir Simon vra om saam te kom
hiernatoe. Die mense noem vir Simon ook Petrus.

14 Simon sal dinge vir jou vertel, en as jy daarna luister, dan sal God vir jou en vir
almal in jou huis red.’

15 “En toe ek begin praat, het die Heilige Gees in hulle gekom, soos die Gees in die
begin ook in ons gekom het.

16 Toe het ek die woorde van die Here onthou wat Hy gesê het: ‘Johannes het julle
met water gedoop, maar Ek sal vir júlle doop met die Heilige Gees.’

17 Die mense het in die Here Jesus begin glo, soos ons in die Here Jesus begin glo het.
Toe het God vir hulle die Heilige Gees gegee, soos God die Gees vir ons gegee het. Ja,
God het dit gedoen, daarom kon ek nie vir God probeer keer nie.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18Toe die Joodse gelowiges hierdie dinge gehoor het, was hulle tevrede. Hulle het God geprys en gesê: “Dit is nou so: God het ook vir die heidene gehelp om te verander sodat hulle kan lewe soos God wil hê hulle moet lewe.”

Die gemeente in Antiogië

19Nadat Stefanus gesterf het, het die Jode vir die gelowiges baie swaar laat kry en hulle het die gelowiges uit die land gejaag. Die gelowiges het deur die land gegaan, party het tot by die land Fenisië gegaan en ander het na die eiland Siprus en die stad Antiogië gegaan, en hulle het die boodskap van Christus net vir Jode gebring.

20Party van hierdie gelowiges het van die eiland Siprus en van die stad Sirene na die stad Antiogië gekom. Hulle het ook gesels met die Jode wat Grieks gepraat het, en hulle het die goeie boodskap van die Here Jesus vir daardie Jode gebring.

21Die Here het hulle gehelp, en baie mense het in die Here begin glo en hulle het begin lewe soos Hy wil hê hulle moet lewe.

22Die gemeente in Jerusalem het gehoor wat daar in Antiogië gebeur het, en hulle het vir Barnabas gestuur om na Antiogië te gaan.

23Toe Barnabas daar kom en hy sien hoe goed God vir hulle was, was hy bly en het hy aangehou om hulle almal te bemoedig om aan te hou om die Here Jesus te dien, soos hulle besluit het om te doen.

24Barnabas was ’n goeie man, die Heilige Gees was in hom en hy het sterk in die Here Jesus geglo. Baie mense in die stad het in die Here Jesus begin glo.

25Barnabas het toe na die stad Tarsus gegaan om vir Saulus te soek.

26Toe Barnabas vir Saulus kry, het hy hom na Antiogië gebring. Hulle was daar ’n hele jaar lank saam in die gemeente en hulle het vir baie mense in die stad geleer. Daar in Antiogië het die mense die gelowiges “Christene” genoem. Dit was die eerste maal dat mense die gelowiges “Christene” genoem het.

27In hierdie tyd het daar profete van Jerusalem na Antiogië gekom.

28Een van hulle, sy naam was Agabus, het opgestaan toe die Heilige Gees vir hom gesê het hy moet ’n boodskap bring. Hy het gesê dat daar ’n groot hongersnood oor die hele wêreld sal kom. In die tyd toe Claudius die keiser was, was daar so ’n hongersnood.

29Die gelowiges het toe besluit dat elkeen van hulle so baie geld sou gee soos wat hy kon gee. Hulle wou dit dan stuur na die land Judea om vir die gelowiges daar te sorg.

30Hulle het dit toe gedoen, hulle het vir Barnabas en Saulus gestuur om die geld na die ouderlinge in Jerusalem te bring.

Handelinge 12

© Bible Society of South Africa.

Herodes laat die gelowiges swaarkry

1In daardie tyd het koning Herodes party van die gelowiges gevang en hy het slegte
dinge aan hulle gedoen.

2Hy het Jakobus, die broer van Johannes, laat doodmaak met ’n swaard.

3Toe Herodes sien dat die Jode dink dit is goed, het hy ook vir Petrus laat vang. Dit
alles het gebeur toe dit die tyd van die Fees van die Ongesuurde Brood was.

4Nadat Herodes vir Petrus laat vang het, het Herodes hom in die tronk laat gooi en
hy het Petrus vir vier groepe soldate gegee. Daar was vier soldate in elke groep. Die
soldate moes vir Petrus oppas. Herodes wou vir Petrus ná die Paasfees voor die volk
bring om hom te oordeel.

5Die soldate het toe vir Petrus in die tronk toegesluit. Maar die gemeente het baie
ernstig tot God gebid om vir Petrus te help.

’n Engel laat vir Petrus uitgaan uit die tronk

6Die Paasfees was verby, en Herodes wou die volgende dag vir Petrus bring om voor
die volk te staan. In die nag voordat Herodes dit wou doen, het hulle vir Petrus met
kettings vasgemaak aan twee soldate, en hy moes tussen die soldate slaap. Daar was
ook wagte wat die deur van die tronk opgepas het.

7Maar skielik het ’n engel van die Here by Petrus gestaan en ’n lig het in die tronk
geskyn. Die engel het aan Petrus se sy geraak en hy het vir Petrus wakker gemaak en
vir hom gesê: “Staan gou op!” Die kettings het afgeval van Petrus se hande.

8Die engel sê toe vir Petrus: “Maak jou belt vas en trek jou skoene aan!” Petrus het
dit gedoen en die engel sê toe vir Petrus: “Trek jou bo-kleed aan en kom saam met
my.”

9Petrus het uitgegaan en hy het saam met die engel gegaan. Petrus het nie besef dat
dit alles regtig gebeur nie. Hy het gedink hy droom dat die engel dit doen.

10Hulle het verby die eerste en die tweede plek gegaan waar die wagte gestaan het,
en toe kom hulle by die ysterhek waardeur ’n mens na die stad gaan. Die hek het self
oopgegaan vir hulle. Hulle het uitgegaan en hulle het in ’n smal straatjie geloop, en
toe het die engel skielik weggegaan van Petrus.

11Toe het Petrus verstaan wat regtig gebeur het en hy het gesê: “Nou weet ek
waarlik dat die Here sy engel gestuur het en dat die engel my gered het van Herodes.
Hy het my ook gered van alles wat die hele Joodse volk gedink het sal gebeur.”

12Petrus het toe verstaan wat gebeur het, en daarom het hy na die huis van Maria
gegaan. Sy was die ma van Johannes, Johannes se ander naam was Markus. Baie
mense het daar bymekaargekom en hulle was besig om te bid.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Petrus het aan die deur van die huis geklop. ’n Vrou wat daar gewerk het, het kom
kyk wie by die deur is. Die vrou se naam was Rodé.

14Toe sy hoor dat dit Petrus is wat praat, was sy so bly dat sy nie die deur oopgemaak
het nie. Sy het in die huis ingehardloop en vir die mense vertel dat Petrus voor die
deur staan.

15Maar hulle het vir haar gesê: “Jy is mal!” Sy het aangehou om te sê sy is seker dat
dit Petrus is. Hulle sê toe: “Dit is Petrus se engel.”

16Maar Petrus het aangehou om aan die deur te klop. Nadat hulle die deur
oopgemaak het, het hulle gesien dit is Petrus en hulle was baie verbaas.

17Petrus het met sy hand vir hulle gewys om stil te bly. Toe vertel hy vir hulle hoe die
Here hom uit die tronk gelei het. Hy het ook gesê: “Julle moet hierdie dinge vir
Jakobus en die ander gelowiges vertel.” Toe het hy uit die huis gegaan na ’n ander
plek.

18Die volgende dag was die soldate baie geskok en ontsteld oor wat met Petrus
gebeur het.

19Herodes het gesê hulle moet vir Petrus gaan soek, maar hulle het hom nie gekry
nie. Herodes het toe die wagte baie uitgevra en toe het hy gesê dat mense die wagte
moet wegvat en doodmaak. Later het Herodes van die provinsie Judea na die stad
Sesarea gegaan en hy het daar ’n tyd lank gebly.

Herodes sterf

20Koning Herodes was baie kwaad vir die mense van die stede Tirus en Sidon. Die
mense van Tirus en Sidon het kos gekry van koning Herodes se land, en daarom het
hierdie mense toe almal saam na koning Herodes toe gekom. Hulle het eers mooi
gepraat met Blastus, ’n amptenaar wat moes sê wie met die koning mag praat.
Blastus het geluister na wat hulle sê. Toe het hulle vir Herodes gevra om vrede te
maak.

21Op die spesiale dag het Herodes die mooi klere aangetrek wat ’n koning dra. Hy het
gaan sit op die regterstoel en toe het hy met die vergadering van die volk gepraat.

22Die mense het toe aangehou om te skree: “Hy praat soos ’n god en nie soos ’n
mens nie!”

23Dadelik het ’n engel van die Here vir Herodes siek laat word omdat hy nie vir
God geëer het nie. En wurms het begin om hom op te vreet, en hy het gesterf.

24Die gelowiges het die boodskap van God verder en verder gebring, en meer en
meer mense het dit geglo.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Toe Barnabas en Saulus hulle werk in Jerusalem klaargemaak het, het hulle teruggekom na die stad Antiogië. Hulle het vir Johannes saamgeneem, die mense het hom ook “Markus” genoem.

Handelinge 13

Paulus se eerste reis: Die gemeente stuur vir Barnabas en Paulus

1Daar was profete en leermeesters in die gemeente in die stad Antiogië. Hulle was Barnabas en Simeon, Simeon se naam was ook Niger. Daar was ook Lucius van Sirene, Manaen wat grootgeword het saam met Herodes Antipas, wat oor ’n deel van Palestina regeer het, en ook Saulus.

2Terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees vir hulle gesê: “Ek het vir Barnabas en Saulus gekies om werk vir My te doen, julle moet nou vir hulle aanstel om die werk te gaan doen.”

3Nadat die gemeente gevas en gebid het en hulle hande op Barnabas en Saulus gesit het, het die gemeente hulle gestuur om die werk te gaan doen.

Barnabas en Saulus preek in Siprus

4Toe die Heilige Gees vir Barnabas en Saulus gestuur het om te gaan preek, het hulle na die hawestad Seleukië gegaan en van daar het hulle met ’n skip na die eiland Siprus geseil.

5Toe hulle in die stad Salamis kom, het hulle aangehou om vir die mense die boodskap van God te bring in die sinagoges van die Jode. Johannes was ook by Barnabas en Saulus om hulle te help.

6Hulle het deur die hele eiland gegaan tot by die stad Pafos. Daar het hulle ’n man ontmoet, sy naam was Barjesus. Hy was ’n Joodse towenaar en ’n vals profeet.

7Barjesus was daar by die goewerneur, Sergius Paulus. Sergius Paulus was ’n verstandige man. Die goewerneur het toe vir Barnabas en Saulus laat roep omdat hy baie graag die boodskap oor God wou hoor.

8In die Griekse taal was die towenaar se naam Elimas. Hy het vir Barnabas en Saulus probeer keer omdat hy nie wou hê dat die goewerneur in Jesus moet glo nie.

9Maar die Heilige Gees was in Saulus, Saulus se ander naam was Paulus. Hy het reguit na Elimas gekyk.

10Paulus het vir hom gesê: “Jy is ’n kind van die duiwel. Jy bedrieg mense en jy doen net verkeerde dinge. Jy is ’n vyand van alles wat reg is, jy moet ophou om die reguit paaie van die Here krom te maak.

11Die Here sal nou teen jou wees en jy sal blind wees en jy sal ’n tyd lank nie die son kan sien nie.” Elimas het toe dadelik gedink dat dit donker geword het, soos onder ’n wolk, en hy het aangehou soek na mense wat sy hand kan neem om hom te lei.

© Bible Society of South Africa.

12Toe die goewerneur sien wat gebeur het, het hy in Jesus geglo, en hy was baie verbaas oor wat die mense oor die Here geleer het.

Paulus en Barnabas in die stad Antiogië in die provinsie Pisidië

13Paulus en sy vriende het met ’n skip weggeseil van die hawe van Pafos en hulle het aangekom by die stad Perge in die provinsie Pamfilië. Johannes het daar weggegaan van hulle en hy het teruggegaan na Jerusalem.

14Maar Paulus en die ander vriende het van Perge verder gegaan na die stad Antiogië in die provinsie Pisidië. Op die Sabbatdag het hulle in die sinagoge ingegaan en gaan sit.

15Nadat iemand ’n deel uit die Wette van Moses en ’n deel uit die boeke van die profete gelees het, het die leiers van die sinagoge iemand na Paulus en sy vriende toe gestuur om vir hulle te sê: “Vriende, as iemand van julle iets wil sê om die volk te bemoedig, dan moet julle nou praat.”

16Paulus het toe opgestaan en hy het met sy hand gewys dat hulle moet stilbly. Hy het gesê: “Israeliete, en julle ander wat vir God respekteer, julle moet luister na wat ek sê.

17Die God van hierdie volk Israel het ons voorouers gekies, en toe hulle vreemdelinge in die land Egipte was, het Hy die volk baie meer laat word. Hy het gewys hoe sterk Hy is en Hy het die volk Israel uitgelei uit Egipte.

18God was omtrent 40 jaar lank baie geduldig met hulle in die woestyn.

19Toe het God sewe volke in die land Kanaän verwoes en Hy het die land vir die Israeliete gegee om hulle land te wees,

20omtrent 450 jaar lank. En toe het God leiers gegee om oor hulle te regeer totdat Samuel, die profeet gekom het.

21En toe het die Israeliete ’n koning gevra, en God het Saul gegee om hulle koning te wees. Saul was die seun van Kis, ’n man uit die Benjamin-stam. Saul was 40 jaar lank koning.

22En nadat God vir Saul laat ophou het om koning te wees, het Hy vir Dawid gekies en aangestel om koning te wees oor die Israeliete. God het gesê: ‘ Ek het gesien dat Dawid, die seun van Isai, ’n man is wat lewe soos Ek wil hê. Hy sal alles doen wat Ek wil hê.’

23God het vir Israel die Redder Jesus laat kom uit hierdie man se nageslag. Dit is wat God belowe het om te doen.

24Voordat Jesus met sy werk begin het, het Johannes vir die hele volk Israel gepreek. Johannes het gesê die mense moet verander en hulle moet lewe soos God wil hê en hulle moet hulle laat doop.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25 En toe Johannes aan die einde van sy werk gekom het, het hy baie maal gesê: ‘Wie
dink julle is ek? Julle dink ek is die Een wat sal kom, soos God belowe het, maar ek is
nie. Later sal daar iemand kom, en ek is nie belangrik genoeg om sy sandale los te
maak nie.’

26 “Vriende, julle wat die nageslag van Abraham is, en julle ander wat vir God
respekteer, God het vir ons hierdie boodskap gestuur dat Hy ons red.

27 Want die mense wat in Jerusalem woon en hulle leiers wou nie glo dat Jesus die
Redder is nie. Toe hulle vir Jesus ge-oordeel het, het hulle die woorde waar laat
word wat die profete gesê het. Die Jode lees dit elke Sabbatdag in die boeke van die
profete.

28 Hierdie mense van Jerusalem en hulle leiers wou vir Jesus laat doodmaak, maar
hulle kon nie sê hoekom hulle dit wou doen nie. Hulle het toe vir Pilatus gevra om te
sê dat die soldate vir Jesus moet doodmaak.

29 En nadat die Jode en hulle leiers alles gedoen het wat daar in die Ou Testament
geskryf is oor Jesus, het vriende van Jesus Hom afgehaal van die kruis en hulle het
Hom begrawe.

30 Maar God het vir Jesus wat gesterf het, weer laat lewe.

31 Jesus het in ’n lang tyd verskillende male verskyn aan die mense wat saam met
Hom van Galilea na Jerusalem gegaan het. Hierdie mense is nou Jesus se getuies by
die volk.

32 En óns bring vir julle die goeie boodskap oor die dinge wat God vir ons voorouers
belowe het.

33 God het nou gedoen wat Hy belowe het, Hy het dit gedoen vir ons wat die
nageslag van ons voorouers is. Hy het dit gedoen toe Hy vir Jesus wat gesterf
het, weer laat lewe het, soos daar in die tweede Psalm geskryf is: “ Jy is my Seun, Ek
is van vandag af jou Vader.

34 “Ons wil ook vir julle die goeie boodskap bring dat God vir Jesus wat gesterf het,
weer laat lewe het en dat Jesus nie weer sal sterf nie. God het dit so in die Ou
Testament gesê: “ Ek sal vir julle die dinge gee wat Ek vir Dawid belowe het, en julle
moet weet dat die dinge wat Ek belowe het, waar is.

35 “Daarom sê Dawid ook in ’n ander Psalm: “ Ek is aan U gewy, U sal my nie laat
sterf nie.

36 “Dawid het sy mense gedien soos God besluit het, en toe het hy gesterf. Hulle het
vir Dawid begrawe by sy voorvaders en daar het niks van hom oorgebly nie, sy
liggaam het stof geword.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

37Maar God het vir Jesus wat gesterf het, weer laat lewe, en sy liggaam het nie stof geword nie.

38Vriende, Jesus het dit alles gedoen, en daarom moet julle weet dat ons vir julle kan preek dat God sondes vergewe. Die Wette van Moses kon julle nie vryspreek nie, maar God vergewe ook al hierdie sondes.

39En God spreek elkeen vry wat in Jesus glo.

40Julle moet nou oppas dat die dinge wat die profete gesê het, nie met julle gebeur nie. Hulle het gesê:

41“ Julle wat dink dat die Here nie belangrik is nie, julle moet kyk na wat sal gebeur, julle moet verbaas wees en verdwyn want Ék sal nou iets doen, iets wat julle nie sal glo wanneer iemand dit vir julle vertel nie.”

42Terwyl Paulus en Barnabas uit die sinagoge gegaan het, het die mense hulle gevra om op die volgende Sabbatdag weer oor hierdie dinge te praat.

43En toe die vergadering in die sinagoge klaar was, het baie van die Jode en die ander mense saam met Paulus en Barnabas gegaan. Die ander mense het vir God gerespekteer omdat hulle die Jode se godsdiens aanvaar het. En Paulus en Barnabas het met hulle gepraat en vir hulle gesê hulle moet aanhou om te glo in die boodskap van God se genade.

44Die volgende Sabbatdag het amper al die mense in die stad saamgekom om te luister na die boodskap van die Here.

45Toe die Jode die baie mense sien, was hulle baie jaloers. Hulle het sleg gepraat van Paulus en hulle het elke maal met hom gestry oor die dinge wat hy gesê het.

46Maar Paulus en Barnabas was nie bang nie en hulle het gesê: “Dit was reg dat ons eers vir júlle die boodskap van God moes bring. Maar omdat julle dit nie glo nie, wys julle dat julle nie goed genoeg is om die ewige lewe te kry nie. Daarom gaan ons nou na die heidene.

47Want die Here het hierdie woorde vir ons gesê: “ Ek het jou gekies en aangestel om ’n lig te wees vir die ander volke, en jy moet vir hulle vertel dat Ek al die mense op die aarde wil red.”

48Toe die heidene hoor wat Paulus en Barnabas gesê het, was hulle baie bly en hulle het die Here geprys oor sy boodskap vir hulle. Die Here het mense gekies om die ewige lewe te kry, en al daardie mense het begin glo.

49Meer en meer mense rondom die stad Antiogië in Pisidië het die boodskap van die Here gehoor.

50Maar die Jode het gepraat met die belangrike vroue wat vir God respekteer, en met die belangrike mans in die stad. Die Jode het vir hulle gesê hulle moet téén

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Paulus en Barnabas wees. Ja, die Jode het begin om vir Paulus en Barnabas baie swaar te laat kry, en die Jode het hulle weggejaag van daardie plek.

51Paulus en Barnabas het die stof van hulle voete afgeskud om ’n teken te wees teen die Jode, en toe het hulle na die stad Ikonium gegaan.

52Die gelowiges het aangehou om bly te wees, en die Heilige Gees was in hulle.

Handelinge 14

Paulus en Barnabas in die stad Ikonium

1Paulus en Barnabas het in die stad Ikonium dieselfde gedoen wat hulle in Antiogië gedoen het. Hulle het na die sinagoge van die Jode gegaan. Daar het Paulus en Barnabas baie oor Jesus gepraat en baie Jode en Grieke het in Jesus begin glo.

2Maar die Jode wat nie in Jesus wou glo nie, het vir die heidene slegte dinge van die gelowiges vertel en die heidene het vyande geword van die gelowiges.

3Barnabas en Paulus het ’n lang tyd daar in Ikonium gebly en hulle was nie bang om vir die mense te vertel van die genade van die Here nie. Die Here het ook gewys dat hulle boodskap waar is, want Hy het vir hulle die krag gegee om wonderwerke en tekens te doen.

4Die mense van die stad het in twee groepe verdeel. Die een groep het gedink die Jode is reg, maar die ander groep het gedink die apostels is reg.

5Toe het die heidene en die Jode en hulle leiers besluit om slegte dinge te doen aan die apostels, hulle het besluit om die apostels dood te gooi met klippe.

6Toe die apostels hoor wat die mense wil doen, het hulle gevlug na die stede Listre en Derbe. Hierdie stede was in die deel van die land wat die mense “Likaonië” genoem het.

7Hulle het daar die goeie boodskap gepreek.

Paulus en Barnabas in Listre

8In die stad Listre was daar ’n man, sy voete was verlam. Hy het nooit geloop nie, vandat hy gebore is.

9Die man het na Paulus geluister terwyl Paulus gepraat het. Paulus het lank na hom gekyk en toe hy sien dat die verlamde man glo dat God hom gesond kan maak,

10het Paulus hard en duidelik gesê: “Staan op, staan regop op jou voete!” En dadelik het die man regop gespring en het hy begin rondloop.

11Toe die mense die wonderwerk sien wat Paulus gedoen het, het hulle hard in die taal van die mense van Likaonië geskree: “Die gode het afgekom na ons toe en hulle het soos mense geword!”

© Bible Society of South Africa.

12Die mense het toe vir Barnabas “ Zeus” genoem en hulle het vir Paulus “ Hermes” genoem omdat Paulus die een was wat die meeste gepraat het.

13Die tempel van Zeus was net buite die stad. Die priester van die tempel het toe bulle en kransies van blomme na die poort van die stad gebring, en hy wou saam met die mense die bulle vir Paulus en Barnabas offer.

14Toe die apostels, Barnabas en Paulus, dit hoor, het hulle hulle klere geskeur. Hulle het uitgehardloop na die mense toe en het vir hulle geskree en gesê:

15“Mense, hoekom doen julle hierdie dinge? Ons is ook mense, soos julle. Ons bring vir julle die goeie boodskap dat julle die gode moet los wat niks beteken nie, julle moet verander en lewe soos God wil hê, julle moet vir God dien, die God wat lewe. Hy het die hemel en die aarde en die see en al die dinge in die see gemaak.

16Toe al die volke voorheen gedoen het wat hulle wou doen, het God hulle nie gestraf nie.

17Maar God het vir die mense gewys dat Hy daar is, want Hy het goeie dinge vir hulle gegee: Hy het vir julle reën uit die lug laat val en Hy het vir julle vrugbare plante gegee. Ja, Hy het vir julle baie kos gegee en Hy het julle baie bly gemaak.”

18Die apostels het hierdie dinge vir die mense gesê om hulle te keer sodat hulle nie offers vir die apostels bring nie, maar die apostels het baie gesukkel om die mense te keer, die mense wou dit nog doen.

19Terwyl die apostels daar in Listre was, het Jode van die stede Antiogië in Pisidië en Ikonium daarnatoe gekom. Hulle het die mense anders laat dink, en die mense het vir Paulus met klippe gegooi. Daarna het hulle vir Paulus uit die stad gesleep, want hulle het gedink dat hy dood is.

20Daar het toe gelowiges rondom Paulus kom staan. Paulus het opgestaan en hy het ingegaan in die stad. Die volgende dag het Paulus en Barnabas weggegaan uit Listre en hulle het na die stad Derbe gegaan.

Paulus en Barnabas gaan terug na die stad Antiogië in die provinsie Sirië

21Nadat Barnabas en Paulus die goeie boodskap in Derbe gebring het en nadat baie mense in Jesus begin glo het, het Paulus en Barnabas teruggegaan na die stede Listre, Ikonium en Antiogië in Pisidië.

22In daardie stede het Barnabas en Paulus die gelowiges bemoedig, hulle het vir die gelowiges gesê om aan te hou om in Jesus te glo. Hulle het gesê: “Ons moet eers baie swaar kry voordat ons by God sal wees, daar waar Hy, die Koning, regeer.”

23Barnabas en Paulus het vir elke gemeente ouderlinge gekies en aangestel, en nadat hulle gebid en gevas het, het hulle vir die Here gevra om te sorg vir die ouderlinge en die gemeentes wat in Hom geglo het.

© Bible Society of South Africa.

24Hulle het deur die provinsie Pisidië gegaan, en toe het hulle in die provinsie Pamfilië gekom.

25En nadat hulle die boodskap van die Here in die stad Perge gebring het, het hulle na die hawestad Attalië gegaan.

26Hulle het van daar met ’n skip weer teruggegaan na die stad Antiogië in die provinsie Sirië. Dit is daar waar die mense tot God gebid het dat Hy vir Barnabas en Paulus genadig moet wees, sodat Paulus en Barnabas die werk kon doen, die werk wat hulle nou klaargemaak het.

27Toe Barnabas en Paulus in Antiogië gekom het, het hulle die gemeente bymekaargeroep en hulle het vir die gemeente vertel watter dinge God alles vir hulle laat doen het. Hulle het ook vertel dat God vir hulle gewys het dat die heidene ook in Jesus kan glo.

28Barnabas en Paulus het toe ’n lang tyd daar by die gelowiges gebly.

Handelinge 15

Die vergadering in Jerusalem

1Daar het party mense van die land Judea gekom na die stad Antiogië in die provinsie Sirië. Hulle het vir die gelowiges geleer en gesê: “As iemand julle nie besny soos die Wette van Moses sê nie, dan kan God julle nie red nie.”

2Maar Paulus en Barnabas het reguit gesê dat hierdie mense wat van Judea gekom het, verkeerd is, en hulle het met die mense gestry. Toe het die gemeente besluit dat Paulus en Barnabas en party ander mense van die gemeente na die apostels en ouderlinge in Jerusalem moet gaan om met hulle te praat oor hierdie dinge waaroor hulle so gestry het.

3Die gemeente in Antiogië het vir Paulus en Barnabas en die ander mense gestuur, en hulle het deur die land Fenisië en die provinsie Samaria gegaan. Hulle het vir die gelowiges vertel dat die heidene verander het en dat hulle begin lewe het soos God wil hê, en so het Paulus en sy vriende al die gelowiges baie bly gemaak.

4In Jerusalem het die gemeente en die apostels en die ouderlinge vir Paulus, Barnabas en die ander vriende gesê dat hulle welkom is. Toe het Paulus, Barnabas en die ander vriende vir die mense vertel van alles wat God vir hulle laat doen het.

5Maar party van die gelowiges was Fariseërs voordat hulle in Christus begin glo het. Hulle het opgestaan en gesê: “Daardie heidene wat nou in Christus glo, moet besny word. Julle moet ook vir hulle sê dat hulle moet doen wat die Wette van Moses sê.”

6Die apostels en die ouderlinge het toe vergadering gehou om hieroor te praat.

© Bible Society of South Africa.

7Nadat hulle baie met mekaar hieroor gestry het, het Petrus opgestaan en vir hulle
gesê: “Vriende, julle weet dat God lank gelede vir my gekies het om die goeie
boodskap te bring sodat die heidene dit kan hoor en kan begin glo in die Here.

8God weet hoe ’n mens se hart regtig is. God het vir die heidene wat begin glo het,
die Heilige Gees gegee, soos Hy voorheen die Heilige Gees ook vir ons gegee het. So
het God vir die mense gewys dat dit Hý is wat werk.

9God het ook nie gedink dat die heidene anders is as ons wat Jode is nie, want Hy het
vir die heidene rein gemaak omdat hulle in Christus glo.

10Julle moenie nou vir God toets en kwaad maak nie, moenie ’n juk sit op die nek
van die gelowiges wat voorheen heidene was nie. Julle weet dat julle voorouers nie
so ’n juk kon dra nie, en ons kan ook nie.

11Nee, ons glo dat God ook vir ons red soos Hy die heidene red, omdat die Here
Jesus genadig is vir ons.”

12Al die mense het stilgebly en hulle het geluister na Barnabas en Paulus. Barnabas
en Paulus het vir hulle vertel van die tekens en wonderwerke wat God hulle laat
doen het tussen die heidene.

13Toe Barnabas en Paulus klaar gepraat het, het Jakobus gesê: “Vriende, luister na
my.

14Simeon het vir ons vertel hoe God begin het om te wys dat Hy vir die heidene wil
sorg. God het dit gewys toe Hy uit die heidene ’n volk geneem het om aan Hom te
behoort.

15Die profete sê ook soos Simeon. Daar is geskryf:

16“Die Here het gesê: Daar sal ’n tyd kom wanneer Ek die nageslag van koning
Dawid weer sal laat regeer. Hulle is soos ’n huis wat omgeval het, soos ’n muur wat
afgebreek is. En dan sal Ek terugkom en Ek sal die huis van Dawid wat omgeval het,
weer bou, en Ek sal sy mure wat afgebreek is, weer bou. En die huis van Dawid sal
weer wees soos hy altyd was.

17Ek sal dit doen sodat al die ander mense na die Here toe sal kom en sodat al die
heidene na die Here toe sal kom, Ek het hulle gekies om aan My te behoort. Die
Here wat al hierdie dinge doen, het dit gesê.

18Hy het dit lank gelede gesê.

19“Daarom dink ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir die heidene wat verander
en wat begin lewe soos God wil hê hulle moet lewe nie.

20Nee, ons moet vir hulle skryf om nie afgod-offervleis te eet nie. Hulle moet ook
nie onsedelik lewe nie, hulle moenie iets eet wat verwurg is nie, en hulle moet ook
nie bloed eet nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Want van lank gelede af was daar in elke stad mense wat vir ander mense vertel
het van die Wette van Moses. Daarom het hulle elke Sabbatdag in die sinagoges vir
mense uit die Wette van Moses gelees."

Die vergadering in Jerusalem stuur 'n brief na gelowiges wat voorheen heidene was

22Toe het die apostels en die ouderlinge en die hele gemeente in Jerusalem besluit
om mans te kies en om hulle saam met Paulus en Barnabas na die stad Antiogië te
stuur. Die mans wat hulle gekies het, was leiers van die gelowiges. Hulle was Judas
en Silas. Judas se ander naam was Barsabbas.

23Die apostels en ouderlinge het 'n brief geskryf wat hulle saam met Judas en Silas
gestuur het. In die brief was geskryf: "Ons, die apostels en ouderlinge, julle broers,
skryf vir die gelowiges wat voorheen heidene was in die stad Antiogië en in die
provinsies Sirië en Silisië. Ons stuur groete vir julle.

24Ons het gehoor dat party mense hier van Jerusalem na julle toe gegaan het en dat
hulle vir julle deurmekaar gemaak en ontstel het. Ons het hulle nie na julle toe
gestuur nie.

25Daarom het ons met mekaar gepraat en ons almal het besluit om mans te kies en
om hulle saam met Barnabas en Paulus na julle toe te stuur. Ons is lief vir Barnabas
en Paulus,

26en hulle is mense wat amper gesterf het toe mense hulle wou doodmaak omdat
hulle in die Here Jesus Christus geglo het.

27Daarom het ons vir Judas en Silas gestuur sodat hulle vir julle dieselfde dinge kan
vertel wat ons geskryf het.

28Want die Heilige Gees en ons het besluit om dit nie vir julle moeiliker te maak nie,
maar dit is belangrik dat julle net hierdie dinge moet doen:

29Julle moenie afgod-offervleis en bloed eet nie, julle moenie iets eet wat verwurg is
nie, en julle moenie onsedelik lewe nie. As julle nie hierdie dinge doen nie, dan sal
julle reg doen. Groete."

30Nadat die mense in Jerusalem vir Judas, Silas, Barnabas en Paulus laat gaan het,
het hulle na die stad Antiogië in die provinsie Sirië gegaan. Daar het hulle al die
gelowiges geroep om bymekaar te kom en hulle het die brief vir hulle gegee.

31Toe die gelowiges die brief gelees het, was hulle baie bly oor die boodskap, dit het
vir hulle bemoedig.

32Judas en Silas was self ook profete en hulle het lank met die gelowiges gepraat om
hulle te bemoedig en om hulle geloof sterker te maak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

33Nadat Judas en Silas ’n tyd lank daar gebly het, het die gelowiges hulle laat gaan,
en hulle het groete gestuur vir die mense in Jerusalem wat vir Judas en Silas na
Antiogië gestuur het.

34 35Maar Paulus en Barnabas het ’n tyd lank in Antiogië gebly. Daar het hulle saam
met baie ander gelowiges vir die mense geleer en hulle het die goeie boodskap van
die Here gebring.

Paulus se tweede reis: Paulus en Barnabas gaan weg van mekaar

36Ná ’n tyd het Paulus vir Barnabas gesê: “Kom ons gaan terug om te kyk hoe dit met
die gelowiges gaan in elke stad waar ons die boodskap van die Here gebring het.”

37Barnabas wou toe vir Johannes ook saamneem. Johannes se ander naam was
Markus.

38Maar Paulus het nie gedink dat dit reg is om Johannes saam met hulle te neem nie,
want hy het weggegaan van hulle toe hulle in die provinsie Pamfilië was en hy het
nie verder saam met hulle gegaan om die werk te doen nie.

39Paulus en Barnabas het toe begin stry en hulle het toe weggegaan van mekaar.
Barnabas het vir Markus saamgeneem en hulle het met ’n skip na die eiland Siprus
geseil.

40Maar Paulus het vir Silas gekies om saam met hom te gaan. Nadat die gelowiges
tot die Here gebid het om vir Paulus en Silas genadig te wees, het Paulus en Silas
weggegaan.

41Hulle het deur die provinsies Sirië en Silisië gegaan en hulle het die
gemeentes bemoedig.

Handelinge 16

Timoteus gaan saam met Paulus en Silas

1Paulus het ook in die stede Derbe en Listre gekom. In Listre was daar ’n gelowige,
sy naam was Timoteus. Hy was die seun van ’n Joodse vrou wat ’n gelowige was, en
sy pa was ’n Griek.

2Die gelowiges in die stede Listre en Ikonium het goeie dinge oor Timoteus gesê.

3Paulus wou hê dat Timoteus saam met hom moes gaan. Daarom het Paulus hom
geneem en hy het hom besny. Paulus het dit gedoen omdat al die Jode wat in
daardie stede was, geweet het dat Timoteus se pa ’n Griek was.

4Toe Paulus en sy vriende deur die stede gegaan het, het hulle vir die gelowiges
vertel wat die apostels en die ouderlinge in Jerusalem besluit het. Hulle het ook vir
die gelowiges gesê dat hulle moet doen wat die apostels en die ouderlinge besluit
het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Paulus en sy vriende het aangehou om die gelowiges in die gemeentes sterker te laat glo, en elke dag het meer en meer mense in Christus begin glo.

Die Here wys iets vir Paulus in Troas

6Die Heilige Gees het vir Paulus en sy vriende gekeer sodat hulle nie die boodskap in die provinsie Asië kon bring nie. Daarom het hulle deur die lande Frigië en Galasië gegaan.

7En toe hulle oorkant die provinsie Misië kom, het hulle probeer om na die provinsie Bitinië te gaan, maar die Gees van Jesus het hulle gekeer om dit te doen.

8Hulle het toe deur Misië gegaan en hulle het na die hawestad Troas gegaan.

9In die nag het die Here vir Paulus iets gewys, dit was soos in ’n droom. ’n Man van die provinsie Masedonië het daar gestaan en hy het vir Paulus mooi gevra: “Kom asseblief oor die see na ons toe en kom help ons.”

10Nadat die Here dit vir Paulus gewys het, het ons dadelik probeer om met die skip na Masedonië te seil omdat ons geglo het dat God ons gekies het om die goeie boodskap vir daardie mense te bring.

Lidia begin om te lewe soos God wil hê sy moet lewe

11Ons het met die skip weggeseil van die hawestad Troas, en toe het ons reguit na die eiland Samotrake geseil. Die volgende dag het ons na die hawestad Neapolis geseil.

12Ons het van daardie stad na die stad Filippi geloop. Dit was ’n stad in die eerste deel van die provinsie Masedonië. Die stad was ook ’n kolonie van Rome. Ons het ’n paar dae in daardie stad gebly.

13Op die Sabbatdag het ons uitgegaan by die stad se poort en ons het gegaan na ’n plek langs die rivier. Ons het geweet dat die Jode altyd daar kom bid. Ons het gaan sit en ons het begin praat met die vroue wat daar saam was.

14Daar was ’n vrou, haar naam was Lidia. Sy het ook na ons geluister. Sy het van die stad Tiatira gekom en sy was ’n handelaar in pers materiaal. Sy was nie ’n Jood nie, maar sy het vir God gedien. Die Here het haar hart oopgemaak om baie goed te luister na wat Paulus gesê het.

15Hulle het toe vir haar en die mense in haar huis gedoop. Toe het sy ons genooi en gesê: “As julle dink dat ek regtig in die Here glo, dan moet julle na my huis kom en julle moet daar kom bly.” En sy het aangehou om dit vir ons te sê totdat ons na haar huis gegaan het.

Paulus en Silas is in die tronk in Filippi

16Ons was eendag besig om na die plek te gaan waar die Jode gewoonlik gaan bid het. ’n Slavin het na ons toe gekom. Sy het ’n bose gees in haar gehad. Sy het altyd gesê wat in die toekoms sal gebeur, en so het sy baie geld gekry vir haar eienaars.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Hierdie slavin het agter Paulus en ons geloop en sy het aangehou om te skree:
“Hierdie manne is dienaars van die Hoogste God. Hulle vertel vir julle hoe God vir
julle kan red.”

18En sy het ’n lang tyd aangehou om dit te doen. Toe het Paulus kwaad geword, hy
het omgedraai en vir die bose gees gesê: “Jesus Christus het vir my gesê ek moet vir
jou sê: Gaan uit haar uit!” Die bose gees het dadelik uit haar uitgegaan.

19Die eienaars van die slavin het besef dat hulle haar nie meer kan gebruik om vir
hulle geld te verdien nie. Hulle het vir Paulus en Silas gegryp en na die mark gesleep.
Die leiers van die stad was daar.

20Toe die eienaars van die slavin vir Paulus en Silas voor die Romeinse regeerders
gebring het, het die eienaars gesê: “Hierdie mense is Jode en hulle maak die mense
in ons stad opstandig.

21Hulle vertel vir ons om dinge te doen, maar ons dink nie dit is reg nie, en ons mag
dit nie doen nie, want ons is Romeine.”

22Baie mense het toe saam met die eienaars van die slavin vir Paulus en Silas
aangeval. Die Romeinse regeerders het Paulus en Silas se klere van hulle laat afskeur
en hulle het gesê dat die soldate hulle met stokke moet slaan.

23Nadat die soldate hulle baie geslaan het, het hulle vir Paulus en Silas in die tronk
gegooi en die soldate het vir die wag gesê dat hy hulle baie goed moet oppas.

24Die wag het toe vir Paulus en Silas in die binneste deel van die tronk gegooi en hy
het hulle voete in ’n blok gesit.

25In die middel van die nag was Paulus en Silas besig om te bid en om liedere te sing
om God te prys. Die ander gevangenes het na hulle geluister.

26Skielik was daar ’n groot aardbewing en die fondamente van die tronk het
gebewe. Dadelik het al die deure van die tronk oopgegaan en almal se kettings het
afgeval.

27Toe die wag wakker word en sien dat die deure van die tronk oop is, het hy sy
swaard uitgetrek. Hy wou homself doodmaak omdat hy gedink het dat die
gevangenes almal weggevlug het.

28Maar Paulus het baie hard vir hom geskree: “Moenie jouself doodmaak nie, ons is
nog almal hier.”

29Toe het die wag gevra dat iemand ’n lig moet bring en hy het in die binneste deel
van die tronk ingehardloop. Hy het gebewe en hy het voor Paulus en Silas se voete
op die grond geval.

30Nadat hy hulle buitetoe geneem het, het hy gesê: “Menere, wat moet ek doen
sodat God my kan red?”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

31Hulle sê toe vir hom: “Jy moet glo in die Here Jesus en dan sal God jou red, vir jou en jou huisgesin.”

32En Paulus en Silas het vir die wag en al die mense in sy huisgesin vertel van die boodskap van die Here.

33Die wag het toe vir hulle laat in die nag saamgeneem en hy het hulle seerplekke gewas. En Paulus het hom en al die mense in sy huisgesin dadelik gedoop.

34Die wag het hulle toe na sy huis gebring en hy het vir hulle kos gegee om te eet. Hy en almal in sy huisgesin was baie bly omdat hulle nou in God begin glo het.

35Die volgende oggend het die Romeinse regeerders die polisie na die wag toe gestuur om vir hom te sê: “Jy moet daardie manne vry laat weggaan uit die tronk.”

36Die wag het toe vir Paulus vertel wat die polisie gesê het. Hy het gesê: “Die Romeinse regeerders het vir my ’n boodskap gestuur dat ek julle vry moet laat weggaan. Kom nou uit en gaan weg met vrede in julle harte.”

37Maar Paulus het vir die polisie gesê: “Ons is Romeinse burgers, en niemand het ons in ’n hof ge-oordeel nie. Maar die Romeinse regeerders het ons laat slaan waar almal dit kon sien, en hulle het ons in die tronk laat gooi. En nou wil hulle vir ons laat uitgaan uit die tronk en hulle wil hê niemand moet dit weet nie. Dit sal glad nie gebeur nie! Daardie Romeinse regeerders moet kom en hulle moet self vir ons uit die tronk lei.”

38Die polisie het hierdie dinge vir die Romeinse regeerders gaan vertel. Toe hulle hoor dat Paulus en Silas Romeinse burgers is, het hulle bang geword.

39Hulle het toe gegaan en hulle het mooi met Paulus en Silas gepraat en gesê dat hulle jammer is oor wat hulle gedoen het. Die Romeinse regeerders het hulle uit die tronk geneem en vir hulle gevra om weg te gaan van die stad.

40Nadat Paulus en Silas uit die tronk gegaan het, het hulle na Lidia se huis gegaan. Daar het hulle die gelowiges gesien en hulle het die gelowiges bemoedig. Toe het Paulus en Silas weggegaan van Filippi.

Handelinge 17

Paulus en sy vriende in Tessalonika

1Paulus en Silas het deur die stede Amfipolis en Apollonië gegaan, en toe het hulle in die stad Tessalonika gekom. Daar was ’n sinagoge van die Jode in Tessalonika.

2Paulus het na die sinagoge gegaan, hy het dit altyd gedoen. Daar het hy drie weke lank elke Sabbatdag met die Jode gepraat. Hy het in die Ou Testament gelees

© Bible Society of South Africa.

3en hy het dit vir hulle verduidelik. Hy het ook vir hulle verduidelik dat die Christus moes swaarkry en sterf en dat Hy weer moes lewe. Hy het ook gesê: “Ek vertel vir julle van Jesus. Hý is die Christus.”

4Party van hulle het gedink dit is reg wat Paulus vir hulle gesê het, en hulle het begin glo soos Paulus en Silas glo. Baie van die Grieke wat vir God gerespekteer het, en baie van die belangrike vroue, het ook begin glo in Jesus.

5Maar die Jode het jaloers geword en hulle het ’n klomp slegte mense wat nie werk nie, saam met hulle geneem en hulle het die mense in die stad kwaad gemaak. Toe het hulle Jason se huis aangeval, want hulle het vir Paulus en Silas gesoek om hulle voor die vergadering van die volk te bring.

6Maar die Jode het nie vir Paulus en Silas gekry nie, en daarom het hulle vir Jason en party van die gelowiges na die leiers van die stad geneem en geskree: “Dit is hierdie mense wat al die mense se koppe deurmekaar gemaak het, en hulle is nou hier.

7Jason het hulle genooi om in sy huis in te kom. Al hierdie mense breek die wette van die keiser, hulle sê daar is ’n ander koning, en sy naam is Jesus.”

8Die leiers en baie mense in die stad wat hierdie dinge gehoor het, het bekommerd geword.

9Ander gelowiges het vir Jason gehelp en hulle het vir hom borg gestaan. Toe die leiers genoeg geld gekry het, het hulle vir Jason en die ander gelowiges vry laat weggaan.

Paulus en Silas in Berea

10Toe dit donker geword het, het die gelowiges dadelik vir Paulus en Silas na Berea gestuur. Toe hulle daar aankom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan.

11Hierdie Jode was anders as die Jode in Tessalonika, hulle wou graag leer en hulle het baie graag geluister na wat Paulus en sy vriende vertel het. Hulle het elke dag die Ou Testament baie goed gelees om te kyk of die dinge waar is wat Paulus en sy vriende vertel het.

12Baie van die Jode en van die belangrike Griekse vroue en mans het in die Here Jesus begin glo.

13Maar toe die Jode van die stad Tessalonika hoor dat Paulus ook in die stad Berea vir die mense die boodskap van God gebring het, het hulle ook daarnatoe gekom en hulle het baie mense opstandig en kwaad gemaak.

14Die gelowiges het toe dadelik vir Paulus weggestuur na die see toe, maar Silas en Timoteus het altwee in Berea gebly.

© Bible Society of South Africa.

15Die mense wat saam met Paulus gegaan het, het hom na die stad Atene gebring. Paulus het vir hulle gesê dat hulle vir Silas en Timoteus moet gaan sê om dadelik na hom toe te kom. Hulle het toe van daar teruggegaan na Berea.

Paulus in Atene

16Terwyl Paulus in die stad Atene vir Silas en Timoteus gewag het, het Paulus baie kwaad en ontsteld geword toe hy sien dat die stad vol beelde van afgode was.

17Paulus het in die sinagoge gepraat met die Jode en die Grieke wat vir God respekteer. Hy het ook elke dag op die mark met almal gepraat wat daar gekom het.

18Party filosowe, Epikureërs en Stoïsyne, het met Paulus gestry. Party van hulle het gesê: “Hierdie man is ’n grootmond, hy spog baie. Wat wil hy vir ons leer?” Ander mense het gesê: “Ons dink hy is ’n boodskapper van gode wat ons nie ken nie.” Hulle het dit gesê omdat Paulus vir die mense vertel het van die goeie boodskap van Jesus en dat God mense weer sal laat lewe.

19Hulle het toe vir Paulus na die vergadering op die Areopagus geneem en vir hom gesê: “Ons wil nou weet wat die nuwe dinge is wat jy vir die mense leer.

20Want party dinge wat jy sê, het ons nog nie voorheen gehoor nie. Daarom wil ons weet wat hierdie dinge beteken.”

21Hulle het dit gevra, want al die mense wat in die stad Atene gewoon het, en ook die vreemdelinge wat daar gewoon het, het altyd baie tyd gehad om te praat oor iets wat hulle nog nie voorheen gehoor het nie, of om daarna te luister.

22Paulus het toe voor die vergadering op die Areopagus gaan staan en hy het gesê: “Mense van Atene, ek sien dat julle aanhou om julle gode te dien saam met alles wat julle in julle lewe doen.

23Ek het deur julle stad geloop en ek het gekyk na die plekke waar julle al julle gode aanbid. Toe het ek ook ’n altaar gekry en op die altaar is daar geskryf: ‘Hierdie altaar is vir die god wat ons nie ken nie.’ Ek wil vir julle vertel van hierdie God, julle ken Hom nie, maar julle aanbid Hom.

24Hierdie God het die wêreld gemaak en ook alles wat daarin is. Hý is die Here van die hemel en die aarde, en Hy woon nie in tempels wat mense gemaak het nie.

25Mense moenie vir hierdie God sorg nie, dit is nie nodig nie. Hy is die Een wat vir al die mense lewe gee, Hy laat hulle asemhaal, en Hy gee alles vir hulle.

26God het een mens, Adam, gemaak, en al die volke kom van Adam. God het gesê die mense moet op die hele aarde woon en Hy het besluit hoe lank en waar hulle sal woon.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

27God het dit gedoen sodat die mense vir Hom sal probeer soek soos mense wat rondvoel in die donker om Hom te probeer kry. Maar Hy is nie ver van elkeen van ons nie.

28"Want " God laat ons lewe, Hy laat ons doen wat ons doen, Hy laat ons aanhou lewe. "Party van julle skrywers het ook gesê: " Ook ons is sy nageslag.

29"Omdat ons die nageslag van God is, moet ons nie dink dat God lyk soos 'n beeld van goud of silwer of klip nie. Mense dink God lyk so, en dan maak hulle so 'n beeld.

30Dit is waar dat God nie die mense gestraf het in die tyd toe hulle Hom nie geken het nie, maar Hy sê vir al die mense op al die plekke dat hulle nou hulle lewe moet verander en moet lewe soos Hy wil hê.

31Hulle moet dit doen omdat Hy gesê dat daar 'n dag sal kom wanneer Hy sal doen wat reg is, Hy sal al die mense van die wêreld dan oordeel. God het vir Jesus gekies om dit te doen. God het ook vir almal gewys dat dit waarlik sal gebeur, want Jesus het gesterf, maar God het Hom weer laat lewe."

32Toe hulle hoor dat Paulus sê dat God mense wat dood is, weer laat lewe, het party mense vir Paulus begin lag en spot, maar party het gesê: "Ons sal weer wil hoor wat jy hieroor sê."

33Nadat dit gebeur het, het Paulus toe weggegaan uit die vergadering van die Areopagus.

34Maar party mense het gedink Paulus is reg en hulle het in Christus begin glo. Dionisius, een van die mans in die vergadering van die Areopagus, en 'n vrou, haar naam was Damaris, en nog ander mense het saam met hulle in Christus begin glo.

Handelinge 18

Paulus in Korinte

1Nadat Paulus in die vergadering van die Areopagus gepraat het, het hy weggegaan uit die stad Atene en hy het in die stad Korinte gekom.

2Paulus het daar 'n Jood ontmoet, sy naam was Akwila en sy familie het van die provinsie Pontus gekom. Hy en sy vrou Priscilla het kort voor daardie tyd van Italië daarnatoe gekom omdat keiser Claudius gesê het dat al die Jode moet weggaan uit die stad Rome. Paulus het na hulle toe gegaan.

3Hulle het dieselfde soort werk gedoen soos Paulus, en daarom het hy by hulle gebly en hy het daar gewerk, want hulle werk was ook om tente te maak.

4En Paulus het elke Sabbatdag in die sinagoge met die mense gepraat. Paulus het aangehou om te praat en hy het probeer om die Jode en die Grieke ook te laat glo wat hy glo.

© Bible Society of South Africa.

5Nadat Paulus en Silas van die provinsie Masedonië gekom het, het Paulus opgehou
om tente te maak, hy het elke dag net die boodskap van Jesus vir die mense gebring.
Hy het vir die Jode gesê dat dit waar is dat Jesus die Christus is.

6Maar die Jode was téén Paulus en hulle het slegte dinge van hom gesê. Toe het hy
die stof van sy klere afgeskud en vir hulle gesê: “Julle sal verlore gaan, maar dit is
nie my skuld nie, júlle is skuldig. Van nou af sal ek na die heidene toe gaan.”

7Toe het Paulus uit die sinagoge gegaan en hy het gekom in die huis van iemand wat
vir God gerespekteer het. Sy naam was Titius Justus en sy huis was langs die
sinagoge.

8Krispus, die leier van die sinagoge, en al die mense in sy huis, het toe in die Here
begin glo. Baie mense van die stad Korinte het ook in die Here begin glo nadat hulle
van Hom gehoor het, en hulle is gedoop.

9In die nag het die Here vir Paulus iets gewys, dit was soos in ’n droom. Die Here het
toe vir hom gesê: “Jy moenie bang wees nie. Nee, jy moet aanhou om vir die mense
te vertel van My en jy moenie stilbly nie,

10want Ek is by jou. Niemand sal jou aanval nie en niemand sal slegte dinge doen aan
jou nie, want in hierdie stad is daar baie mense wat aan My behoort.”

11Paulus het toe ’n jaar en ses maande lank by die mense van Korinte gebly en hy het
vir hulle geleer wat God se boodskap is.

12Toe Gallio goewerneur van die provinsie Agaje was, het die Jode almal saam
besluit om Paulus aan te val en hom na die hof te vat.

13Die Jode het gesê: “Hierdie man, Paulus, probeer hard om vir die mense te leer dat
hulle vir God moet dien op ’n manier wat teen die Wette van Moses is.”

14Toe Paulus wou begin praat, het Gallio vir die Jode gesê: “Jode, ek praat met julle.
Ek sou geduldig gewees het met julle as hierdie man ’n verkeerde of ’n baie slegte
ding gedoen het.

15Maar julle stry met mekaar oor woorde en name en oor julle eie wette, daarom
moet julle self daaroor besluit. Ék wil nie ’n regter wees om oor hierdie dinge te
besluit nie.”

16Gallio het hulle toe uit die hof gejaag.

17Hulle almal het vir Sostenes, die leier van die sinagoge, gegryp en hulle het hom
daar voor die hof begin slaan. Maar Gallio was nie bekommerd oor hierdie dinge nie.

Paulus gaan terug na Antiogië in die provinsie Sirië

18Paulus het ’n lang tyd daar by die gelowiges in Korinte gebly. Toe het hy hulle
gegroet en hy het met ’n skip weggeseil na die provinsie Sirië. Hy het eers in die

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

hawestad Kenchreë sy hare laat afskeer. Hy het dit gedoen omdat hy ’n gelofte gemaak het. Priscilla en Akwila het ook saam met hom weggegaan.

19Toe het hulle in Efese gekom, dit is die stad waar Paulus vir Akwila en Priscilla laat bly het toe hy later daar weggegaan het. Paulus het eers na die sinagoge gegaan en hy het daar met die Jode gepraat.

20Toe die Jode hom vra om langer daar te bly, wou hy dit nie doen nie.

21Hy het hulle gegroet en gesê: “As God wil hê dit moet gebeur, dan sal ek weer na julle toe kom.” Toe het hy met ’n skip weggeseil van Efese.

22Nadat Paulus in die hawestad Sesarea aangekom het, het hy na Jerusalem gegaan en hy het die gemeente daar gegroet. Toe het hy na die stad Antiogië gegaan

23en hy het ’n tyd lank daar gebly.

Paulus se derde reis: Hy gaan na Galasië en ander plekke

Toe het Paulus weggegaan van die stad Antiogië en hy het van die een plek na die ander plek deur die lande Galasië en Frigië gegaan. Hy het al die gelowiges bemoedig.

Apollos preek in Efese

24’n Jood, Apollos, het in die stad Efese aangekom. Hy is gebore in die stad Aleksandrië en hy was iemand wat baie goed kon praat. Hy het die Ou Testament baie goed geken.

25Apollos het by mense baie geleer hoe die Here wil hê ’n mens moet lewe. Hy was baie opgewonde en hy het aanmekaar daaroor gepraat. Hy het vir die mense die dinge oor Jesus reg geleer, maar hy het net geweet dat Johannes die Doper mense gedoop het. Hy het nie geweet dat die apostels ook mense gedoop het in die Naam van Jesus nie.

26Apollos het in die sinagoge begin preek, hy was nie bang om dit te doen nie. Toe Priscilla en Akwila hoor wat hy sê, het hulle hom saam met hulle huis toe geneem en hulle het vir hom meer vertel van die dinge van God.

27Toe Apollos na die land Agaje wou gaan, het die gelowiges in Efese hom bemoedig. Hulle het ook ’n brief geskryf vir die gelowiges in Agaje om te vra dat hulle vir Apollos moet sê hy is welkom. In Agaje was daar mense wat gelowiges geword het omdat God genadig was vir hulle. Nadat Apollos daar aangekom het, het hy vir hulle baie gehelp.

28Want hy het baie hard met die Jode gestry, al die mense kon dit sien. Hy het gewys dat hulle verkeerd is en hy het uit die Ou Testament vir hulle gelees en gewys dat Jesus die Christus is vir wie almal gewag het.

Handelinge 19

© Bible Society of South Africa.

Paulus in Efese

1Terwyl Apollos in die stad Korinte was, het Paulus deur ander plekke in die
provinsie Asië gegaan en hy het in die stad Efese gekom. Daar het hy ’n
paar gelowiges gekry

2en hy het vir hulle gevra: “Het die Heilige Gees in julle gekom toe julle in Jesus begin
glo het?” Hulle antwoord toe vir Paulus: “Nee, ons het nie die Heilige Gees gekry nie
en ons het ook nog nie gehoor dat daar ’n Heilige Gees is nie.”

3Paulus vra toe vir hulle: “Met watter doop is julle gedoop?” Hulle het vir Paulus
gesê: “Ons is gedoop met die doop van Johannes die Doper.”

4Maar Paulus het gesê: “Johannes het mense gedoop sodat hulle sal verander en sal
lewe soos God wil hê. Johannes het ook vir die volk gesê dat hulle in die Een moet
glo wat later sal kom. Daardie Persoon is Jesus.”

5En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus.

6Paulus het sy hande op hulle gesit, en toe het die Heilige Gees in hulle gekom. Hulle
het begin om in tale te praat en om die boodskap van God te bring.

7Hulle almal saam was omtrent twaalf mans.

8Paulus het toe na die sinagoge gegaan en hy het drie maande lank elke dag met die
Jode gepraat. Hy was nie bang nie, hy het vir hulle gesê dat God Koning is oor almal.
Hy het hard probeer dat hulle dit ook moet glo, soos hy.

9Maar party van die Jode het hardkoppig gebly en hulle het ongelowiges gebly. Hulle
het aangehou om sleg te praat van “ Die Pad,” hulle het dit gedoen waar al die
mense dit kon hoor. Paulus het toe weggegaan van die Jode en hy het die gelowiges
weggeneem saam met hom. Hy het toe elke dag met hulle gepraat in die skool van
Tirannus.

10Paulus het dit twee jaar lank gedoen. So het al die mense wat in die provinsie Asië
woon, al die Jode en die Grieke, die boodskap oor die Here gehoor.

Die seuns van Skeva probeer bose geeste uit mense jaag

11God het vir Paulus wonderwerke laat doen, en die mense was verbaas daaroor.

12Daarom het party mense lappe en klere wat Paulus gedra het, op siek mense gesit.
Dan het die mense gesond geword en die bose geeste het uit hulle uitgegaan.

13Daar was ook Jode wat na verskillende stede gegaan het om bose geeste uit mense
te jaag. Wanneer hulle dit probeer doen het, dan het hulle die Here Jesus se Naam
gesê. Hulle het gesê: “Julle moet uitgaan uit hierdie persoon, ons sê dit vir julle. Jesus
het gesê ons mag dit sê. Dit is dieselfde Jesus oor wie Paulus preek.”

14Daar was ’n Joodse priesterleier, Skeva. Hy het sewe seuns gehad. Hulle het ook só
probeer om die bose geeste uit mense te jaag.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Maar die bose gees het hulle geantwoord en gesê: “Jesus, ja ek ken Hom, en ek
weet van Paulus, maar júlle, ek ken julle nie.”

16En die man wat die bose gees in hom gehad het, spring toe op hulle. Hy het hulle
almal aangeval en hy het hulle baie geslaan. Hulle het uit daardie huis gevlug en hulle
was kaal en vol seerplekke.

17Al die Jode en die Grieke wat in die stad Efese gewoon het, het gehoor wat gebeur
het. Toe het hulle almal bang geword, en hulle het die Naam van die Here Jesus
geprys.

18Baie van die mense het gelowiges geword. Hulle het gekom en hulle het bely dat
hulle verkeerde dinge gedoen het. Hulle het vir almal vertel wat hulle alles gedoen
het.

19Baie van die mense wat voorheen getoor het, het hulle boekrolle gebring en hulle
het dit verbrand waar al die mense dit kon sien. Die mense het getel hoeveel al die
boeke gekos het, en dit was 50 000 silwer geldstukke.

20Omdat hierdie dinge gebeur het, het meer en meer mense die boodskap van die
Here gehoor en dit geglo.

Die mense van die stad Efese word kwaad

21Nadat al hierdie dinge gebeur het, het die Heilige Gees vir Paulus laat besluit om
deur die provinsies Masedonië en Agaje te gaan tot in Jerusalem. Paulus het gesê:
“Nadat ek in Jerusalem was, moet ek ook na die stad Rome gaan.”

22Hy het toe twee van sy helpers, Timoteus en Erastus, na Masedonië gestuur. Maar
Paulus het self nog ’n tyd lank in die provinsie Asië gebly.

23In daardie tyd was die mense in die stad Efese baie kwaad en ontsteld oor “ Die
Pad.”

24Daar was ’n silwersmid in Efese. Sy naam was Demetrius. Hy het klein huisies van
silwer gemaak, die huisies het gelyk soos die tempel van Artemis. So het Demetrius
gesorg dat die ambagsmanne altyd baie werk gekry het.

25Hy het toe al hierdie ambagsmanne en ander mense wat ook dieselfde werk
gedoen het, geroep om bymekaar te kom, en hy het vir hulle gesê: “Mense, julle
weet dat hierdie werk wat ons doen, vir ons ryk maak.

26Julle sien en hoor ook wat hierdie Paulus in Efese en in die hele provinsie Asië
gedoen het. Hy het baie mense verkeerde dinge laat begin glo. Hy het vir hulle gesê:
‘Mense maak hierdie gode met hulle hande, maar die gode lewe nie regtig nie.’

27Daar sal nou ’n groot probleem kom. Ons is bekommerd dat die mense sleg sal
praat van ons werk, en ook dat die mense sal dink die tempel van die groot godin

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Artemis beteken niks. Al die mense van Asië en die mense van die hele wêreld, almal wat vir Artemis respekteer, sal nie meer dink dat sy so groot en belangrik is nie."

28Toe die manne dit hoor, het hulle baie kwaad geword en geskree: "Artemis van die Efesiërs is baie belangrik!"

29Al die mense in die stad het opstandig geword. Hulle hardloop toe almal saam na die teater. Hulle het ook vir Gaius en Aristargus gegryp en saamgeneem. Gaius en Aristargus het van die provinsie Masedonië gekom en hulle het oral saam met Paulus gegaan.

30Paulus wou na die vergadering van die volk gaan om met die mense te praat, maar die gelowiges het gesê hy mag nie gaan nie.

31Party van die belangrike leiers van die provinsie Asië was ook Paulus se vriende. Hulle het vir Paulus 'n boodskap gestuur en hulle het vir hom mooi gevra om nie na die teater te gaan nie.

32Party mense het iets geskree, en ander mense het iets anders geskree. Al die mense in die vergadering was deurmekaar, en baie mense het nie geweet hoekom hulle daar bymekaargekom het nie.

33Die Jode het vir Aleksander vorentoe gestoot, en party van die mense het toe vir hom gesê wat hy moet sê. Hy wys toe met sy hand dat hy vir die vergadering van die volk wou sê wat gebeur het.

34Toe hulle uitvind dat Aleksander 'n Jood is, het hulle almal saam omtrent twee uur lank aangehou skree en gesê: "Artemis van die Efesiërs is baie belangrik!"

35Die hoof-amptenaar het die mense stilgemaak, en toe het hy vir hulle gesê: "Efesiërs, al die mense weet dat die stad van die Efesiërs die tempel van die groot Artemis beskerm, en die stad beskerm ook Artemis se beeld wat uit die hemel geval het.

36Dit is die waarheid, niemand kan oor hierdie dinge stry nie. Julle moet nou kalm en rustig wees en julle moenie haastig wees om iets verkeerd te doen nie.

37Want julle het hierdie mans hiernatoe gebring, maar hulle is nie mense wat dinge uit tempels steel nie én hulle is ook nie mense wat slegte dinge van ons godin sê nie.

38Daar is goewerneurs en die hof is oop. As Demetrius en die ambagsmanne saam met hom iemand wil beskuldig, dan moet hulle hom na die hof vat.

39Maar as julle ook oor iets anders wil praat, dan moet die volksvergadering daaroor besluit.

40Want mense sal miskien vir ons beskuldig en sê dat ons vandag geskree en geraas het, maar ons weet nie hoekom nie. Ons sal ook nie kan sê hoekom ons kwaad

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

geword het nie.” En nadat die hoof-amptenaar hierdie dinge gesê het, het hy gesê die vergadering is verby.

Handelinge 20

Paulus gaan na Masedonië en Griekeland

1Die mense in die stad Efese het geskree en geraas, en toe hulle ophou, het Paulus die gelowiges laat roep en hy het hulle bemoedig. Toe het hy hulle gegroet en hy het na die provinsie Masedonië gegaan.

2Hy het deur die provinsie Masedonië gegaan en hy het die gelowiges baie bemoedig. Hy het verder gegaan totdat hy in Griekeland gekom het

3en hy het drie maande lank daar gebly. Hy het besluit om met die skip na die provinsie Sirië te seil, maar hy het gehoor dat die Jode ’n geheime plan gemaak het om hom dood te maak. Daarom het hy besluit om deur Masedonië terug te gaan na Sirië.

4Hierdie manne het saam met Paulus gegaan: Sopater, die seun van Pirrus van die stad Berea, en ook Aristargus en Sekundus, hulle was twee gelowiges van die stad Tessalonika, ook Gaius van die stad Derbe, en Timoteus en twee gelowiges van die provinsie Asië, hulle name was Tigikus en Trofimus.

5Party van hulle het eerste gegaan, en hulle het vir ons gewag in die stad Troas.

6Nadat die Fees van die Ongesuurde Brood verby was, het ons met die skip weggeseil van die stad Filippi. Nadat ons vyf dae geseil het, het ons in die stad Troas aangekom, die ander manne was al klaar daar. Ons het sewe dae lank daar gebly.

Paulus in Troas

7Op die eerste dag van die week het ons in die aand bymekaargekom en ons het almal saam geëet. Paulus het met die gelowiges gepraat. Hy wou die volgende dag verder gaan en daarom het hy baie lank gepraat, hy het gepraat tot in die middel van die nag.

8Ons was almal bymekaar in die bo-kamer, en daar het baie lampe in die kamer gebrand.

9Eutiges, ’n jongman, het in die venster gesit en luister. Toe Paulus baie lank aanhou praat, het Eutiges baie vaak geword en hy het aan die slaap geraak. Eutiges het so vas geslaap dat hy uitgeval het by die venster. Hy het van die tweede verdieping tot op die grond geval. Toe die mense hom optel, was hy dood.

10Paulus het afgekom na onder en hy het op Eutiges gaan lê. Hy het sy arms om Eutiges gesit en gesê: “Julle moenie so hard huil en treur nie! Hy is nie dood nie, hy lewe.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Toe het Paulus weer boontoe gegaan. Nadat hy geëet het, het hy nog ’n lang tyd
met die gelowiges gepraat, hy het gepraat tot dit oggend geword het. Toe het hy
verder gegaan.

12Die gelowiges het die seun weggeneem, hy het gelewe. Dit wat gebeur het, het die
gelowiges baie bemoedig.

Paulus en sy vriende reis van Troas na die stad Milete

13Ons het voor Paulus met die skip na die stad Assus geseil. Ons wou vir Paulus by
Assus oplaai. Paulus het gesê ons moet dit doen, want hy wou self oor die land na
Assus gaan.

14Toe Paulus ons in Assus ontmoet, het ons hom opgelaai en na die stad Mitilene
geseil.

15Ons het van Mitilene verder geseil en die volgende dag was ons oorkant die eiland
Chios. Die volgende dag het ons verby die eiland Samos gegaan en die dag daarna
het ons by die stad Milete aangekom.

16Ons het nie met die skip by die stad Efese gestop nie, want Paulus het besluit dat
ons verby die stad Efese moet gaan, hy wou nie in die provinsie Asië bly nie, want
dan sou dit te lank wees voordat ons in Jerusalem kom. Hy was haastig om in
Jerusalem te kom. Hy wou graag op die dag van die Pinksterfees in Jerusalem wees.

Paulus praat met die ouderlinge van Efese

17Toe ons in die stad Milete was, het Paulus ’n boodskap na die ouderlinge van die
gemeente in die stad Efese gestuur. Hy het vir hulle gesê hulle moet na hom toe kom
in Milete.

18Toe hulle by Paulus kom, het hy vir hulle gesê: “Julle weet wat ek alles gedoen het,
die hele tyd van die eerste dag af toe ek in die provinsie Asië gekom het.

19Julle weet dat ek die Here gedien het, dat ek baie nederig was, dat ek baie gehuil
het en dat ek baie swaar gekry het omdat die Jode geheime planne gemaak het om
my dood te maak.

20Julle weet dat ek altyd dinge gedoen het wat vir julle gehelp het. Ek het vir julle
vertel van God se boodskap en ek het vir julle geleer, ek het dit gedoen waar almal
dit kon sien en ek het dit ook in julle huise gedoen.

21Julle weet dat ek ernstig gepraat het met Jode en ook met Grieke. Ek het vir hulle
gesê hulle moet verander en hulle moet lewe soos God wil hê. En ek het vir hulle
gesê hulle moet glo in ons Here Jesus.

22“Nou gaan ek na Jerusalem, want die Heilige Gees wil hê ek moet daarnatoe gaan,
en ek is gehoorsaam aan die Heilige Gees. Ek weet nie wat in Jerusalem met my sal
gebeur nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

23Maar ek weet die Heilige Gees sê in elke stad vir my dat mense my in die tronk sal
gooi en dat hulle my baie swaar sal laat kry.

24Maar ek is nie bekommerd oor my eie lewe nie, ek is niks bekommerd nie. Ek wil
net een ding doen, ek wil my werk klaarmaak. Dit is die werk wat die Here Jesus vir
my gegee het om te doen. Ja, ek moet vir mense die goeie boodskap bring dat
God genadig is.

25“Ek was by julle en ek het vir julle gepreek en gesê dat God Koning is. Maar nou
weet ek dat niemand van julle my weer sal sien nie.

26Daarom sê ek nou vir julle, en dit is waar: Dit is nie my skuld as een van
julle verlore gaan nie,

27want ek was nie bang nie, ek het vir julle alles van God se plan vertel.

28Julle moet seker maak dat julle lewe soos God wil hê. Julle moet ook seker maak
dat al die gelowiges lewe soos God wil hê. Die Heilige Gees het gesê julle moet
ouderlinge wees van daardie gelowiges. Julle moet hulle oppas soos ’n herder ’n
trop skape oppas. Hulle is God se kerk. Sy Seun het gesterf, en so het God hulle
gekoop.

29Ek weet dat daar vals leermeesters na julle toe sal kom wanneer ek weg is. Hulle
sal wees soos wrede wolwe wat ’n trop skape doodmaak.

30Ja, party van julle sal self begin om verkeerde dinge te sê, en hulle sal probeer om
die gelowiges die verkeerde dinge te laat glo wat húlle glo.

31Daarom moet julle versigtig wees. Julle moet onthou dat ek drie jaar lank baie
swaar gekry het en dat ek elke dag en elke nag vir julle almal geleer het om reg te
lewe, ek het nooit opgehou om dit te doen nie.

32“En nou bid ek en ek vra vir God dat Hy vir julle moet sorg en dat julle altyd die
boodskap sal onthou dat God genadig is. Daardie boodskap kan julle geloof sterk
maak en dit kan julle help om te weet dat God vir julle die dinge sal gee wat Hy
belowe het om vir al die gelowiges te gee.

33“Ek wou nooit iemand anders se silwer of goud of klere hê nie.

34Julle weet self dat ek met my eie hande gewerk het om vir myself te sorg en ook vir
die mense wat saam met my was.

35Ek het dit alles gedoen, want ek wou vir julle wys dat ons so moet werk om vir die
mense te help wat swak is. Ons moet ook onthou wat die Here Jesus self gesê het.
Hy het gesê: ‘As ’n mens vir ander mense iets gee, dan is jy baie méér gelukkig as
wanneer hulle vir jóú iets gee.’ ”

36Nadat Paulus klaar gepraat het, het hy saam met al die ouderlinge gekniel en
gebid.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37Toe het almal baie gehuil en hulle het hulle arms om Paulus gesit en hom gesoen.

38Hulle was baie hartseer omdat Paulus gesê het dat hulle hom nie weer sal sien nie. Toe het hulle saam met hom tot by die skip geloop.

Handelinge 21

Paulus gaan na Jerusalem

1Paulus en ons het totsiens gesê vir die ouderlinge van die stad Efese, en toe het ons weggeseil met die skip. Ons het reguit geseil tot by die eiland Kos. Die volgende dag het ons tot by die eiland Rodos geseil en toe tot by die stad Patara.

2In Patara het ons ’n skip gekry wat na die land Fenisië sou seil. Ons het op die skip geklim en weggeseil.

3Ons het verder geseil en ons kon die eiland Siprus sien. Ons het nog verder geseil en ons het regs verby Siprus geseil tot by Sirië. Ons het by die stad Tirus afgeklim, want die mense moes daar die goed aflaai wat op die skip was.

4Ons het die gelowiges in Tirus gaan soek en ons het sewe dae lank by hulle gebly. Hulle het vir Paulus gesê die Heilige Gees het gesê hy moenie na Jerusalem gaan nie.

5Toe die sewe dae verby was, het ons uit die stad gegaan om verder te gaan. Al die gelowiges, ook hulle vrouens en kinders, het saam met ons uit die stad gegaan. Ons het op die strand gekniel en gebid.

6Toe het ons mekaar gegroet en ons het op die skip geklim. Die gelowiges het teruggegaan huis toe.

7Ons het van Tirus verder met die skip geseil en ons het by die stad Ptolemaïs gekom. Ons het die gelowiges daar gegroet en ons het een dag lank by hulle gebly.

8Die volgende dag het ons verder gegaan en ons het by die stad Sesarea gekom. Daar het ons na die huis van Filippus gegaan en ons het by hom gebly. Hy was een van sewe leiers wat die goeie boodskap van God in Sesarea gebring het.

9Filippus het vier dogters gehad, hulle was nog nie getroud nie. Die vier dogters was profete.

10Ons het ’n lang tyd daar gebly. Terwyl ons daar was, het ’n profeet van Judea daar aangekom. Sy naam was Agabus.

11Agabus het na ons toe gekom en hy het Paulus se belt gevat. Agabus het sy eie hande en voete met die belt vasgebind en gesê: “Die Heilige Gees sê die Jode in Jerusalem sal die man wat altyd hierdie belt dra, só vasbind. En hulle sal hom dan vir die heidene gee.”

12Toe ons hoor wat Agabus sê, het ons en die gelowiges wat daar woon, vir Paulus ernstig gevra om nie na Jerusalem te gaan nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Toe sê Paulus: “Wat doen julle nou? Julle huil en julle maak my hartseer! Ek is
gereed om te gaan. Die mense kan my vang in Jerusalem, dit maak nie saak nie. Ja,
ek is ook gereed om in Jerusalem te sterf vir die Naam van die Here Jesus.”

14Paulus wou nie luister na wat ons vir hom sê nie, en daarom het ons stilgebly. Ons
het net gesê: “Ons bid dat die Here sal doen wat Hy wil doen.”

15Nadat hierdie tyd verby was, het ons gereedgemaak om na Jerusalem te gaan.

16Party van die gelowiges van Sesarea het saam met ons gegaan. Hulle het ons in
Jerusalem gebring na die huis van Mnason. Mnason het voorheen op die eiland
Siprus gewoon en hy het lank gelede ’n gelowige geword. Ons het by hom in
Jerusalem gebly.

Paulus besoek vir Jakobus in Jerusalem

17Toe ons in Jerusalem aankom, was die gelowiges daar baie bly om ons te sien.

18Die volgende dag het Paulus saam met ons na Jakobus se huis gegaan. Al die ouderlinge was daar.

19Paulus het hulle gegroet en toe het hy alles vertel wat God gedoen het, en hoe hy
God se werk by die heidene gedoen het.

20Toe hulle hoor wat Paulus sê, het hulle God geprys. En hulle het vir Paulus gesê:
“Vriend, jy weet daar is duisende Jode wat in Christus glo, en hulle is almal baie
gehoorsaam aan die wette.

21Party mense het vir hulle gesê dat jy vir al die Jode wat by die heidene woon, sê
hulle moenie doen wat in Moses se wette geskryf is nie. Hulle sê dat jy sê daardie
Jode moenie hulle kinders besny nie en hulle moenie soos Jode lewe nie.

22“Ons weet nou nie wat om te doen nie. Die Jode wat in Christus glo, sal hoor dat jy
na Jerusalem gekom het. Dit is seker!

23Jy moet nou maak soos ons vir jou sê. Hier is vier mans by ons, hulle het ’n gelofte
gemaak.

24Wanneer hulle vir hulle laat reinig, dan moet jy ook vir jou laat reinig. En jy moet
betaal sodat hulle al hulle hare kan laat afskeer. Dan sal almal weet die dinge is nie
waar wat mense oor jou sê nie. Hulle sal weet dat jy self ook reg lewe en doen wat
die wette sê.

25Maar ons het ’n brief geskryf vir die heidene wat in Christus glo. Ons het vir hulle
geskryf dat ons besluit het dat hulle nie afgod-offervleis moet eet nie, hulle moet
ook nie bloed eet of iets eet wat verwurg is nie, en hulle moenie onsedelik lewe nie.”

26Paulus het toe gesê die mans moet saam met hom gaan. Die volgende dag het hy
homself laat reinig saam met hulle. Toe het hy ingegaan in die tempel. Hy het daar

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

vir almal gesê hoe lank hy en die vier mans hulle sal laat reinig. Hy het ook gesê op watter dag dit verby sal wees en wanneer elkeen van hulle ’n offer sal bring.

Die Jode vang vir Paulus in die tempel

27Die sewe dae wat Paulus en die vier mans hulle laat reinig het, was amper verby. Toe het Jode wat van die provinsie Asië gekom het, vir Paulus in die tempel gesien. Hulle het so geskree dat almal in die tempel kwaad geword het vir Paulus en hulle het vir Paulus gevang.

28Hulle het hard geskree en gesê: “Israeliete, julle moet kom help! Hier is die man wat oral vir almal dinge leer wat teen ons volk is, en wat ook teen ons wette en teen die tempel is. Hy het ook Grieke ingebring in die tempel en so het hy hierdie gewyde plek onrein gemaak.”

29Die Jode uit Asië het so gesê, want hulle het voorheen gesien dat Trofimus saam met Paulus in Jerusalem is. Trofimus was ’n Griek van die stad Efese. Daarom het hulle gedink Paulus het vir Trofimus saamgebring na die tempel.

30Almal in die stad het kwaad geword en die mense het na die tempel gehardloop. Hulle het vir Paulus gegryp en hulle het hom uit die tempel gesleep. Die mense by die tempel het die tempel se deure dadelik toegemaak.

31Die Jode het probeer om vir Paulus dood te maak. Maar iemand het vir die hoof-offisier van die Romeinse soldate gaan sê dat al die mense van Jerusalem kwaad is en dat hulle baie raas.

32Die hoof-offisier het dadelik vir sy soldate en offisiere gesê hulle moet saam met hom kom, en hulle almal het na die tempel gehardloop. Toe die Jode die hoof-offisier en die soldate sien, het hulle opgehou om vir Paulus te slaan.

33Die hoof-offisier het nader geloop en hy het vir sy soldate gesê hulle moet vir Paulus ’n gevangene maak. Hy het ook vir Paulus laat vasbind met twee kettings. Die hoof-offisier het vir die Jode gevra wie Paulus is en wat hy verkeerd gedoen het.

34Party Jode het iets geskree en party Jode het iets anders geskree. Hulle het so baie geraas dat die hoof-offisier nie kon uitvind wat regtig gebeur het nie. Daarom het hy vir sy soldate gesê hulle moet vir Paulus neem na die plek waar die soldate woon.

35Hulle het gekom tot by die trappe. Die mense was baie kwaad vir Paulus en hulle het so baie aan hom gestamp dat die soldate vir Paulus moes dra.

36Die mense wat saamgegaan het, het die hele tyd geskree en gesê: “Maak hom dood!”

Paulus sê dat hy niks verkeerd gedoen het nie

37Die Romeinse soldate het vir Paulus na die soldate-kamp geneem. Toe hulle daar aankom, vra Paulus vir die hoof-offisier: “Mag ek iets sê?” Die hoof-offisier het gesê: “Ek hoor jy kan Grieks praat.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

38Ek weet nou jy is nie die Egiptenaar wat ’n tyd gelede ’n klomp mense opstandig gemaak het en toe 4 000 manne na die woestyn geneem het nie, die manne wat teen die Romeine wou veg.”

39Paulus het vir hom gesê: “Nee, ek is ’n Jood. Ek kom van die stad Tarsus in die provinsie Silisië. Ek woon in Tarsus, dit is ’n belangrike stad! Ek vra mooi vir jou: Mag ek asseblief met die mense praat?”

40Die hoof-offisier het gesê Paulus mag met die mense praat. Toe het Paulus op die trappe gaan staan en hy het met sy hand vir die mense gewys hulle moet stilbly. Dit het baie stil geword en Paulus het in Hebreeus met hulle gepraat.

Handelinge 22

Paulus praat met die Jode

1Paulus het gesê: “Vriende, julle moet luister na wat ek wil sê, ek wil vir julle verduidelik dat ek niks verkeerd gedoen het nie.”

2Toe die Jode hoor dat Paulus in Hebreeus met hulle praat, het hulle nog stiller geword. Hy het vir hulle gesê:

3“Ek is ’n Jood en ek is gebore in die stad Tarsus in Silisië, maar ek het grootgeword hier in Jerusalem. Ek was ’n student van Gamaliël en ek het al die streng wette van ons voorouers geleer. Ek was baie gehoorsaam aan God, soos julle almal wat vandag hier is, ook gehoorsaam is aan Hom.

4Ek het slegte dinge gedoen aan ‘ Die Pad,’ ek het probeer om hulle dood te maak. Ek het mans en vroue laat vang en laat vasbind en ek het hulle in die tronk laat sit.

5Die hoëpriester en die hele Joodse Raad sal kan sê ek praat die waarheid. Hulle het ook vir my briewe gegee wat ek na die Jode in Damaskus geneem het. Ek het na Damaskus gegaan om die gelowiges te vang en hulle terug te bring na Jerusalem sodat die Joodse Raad hulle kan straf.

6“Ek was besig om na Damaskus te gaan en ek was naby Damaskus. Toe dit omtrent middag was, het daar skielik ’n groot lig uit die hemel op my geskyn.

7Ek het op die grond geval. Toe hoor ek iemand vra vir my: ‘Saul, Saul, hoekom doen jy slegte dinge aan My?’

8Ek het gevra: ‘Wie is U, Here?’ En Hy het vir my gesê: ‘Ek is Jesus van Nasaret. Jy doen slegte dinge aan My.’

9“Die mense wat saam met my was, het die lig gesien, maar hulle het nie die Persoon gehoor wat met my gepraat het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Ek het gevra: ‘Wat moet ek doen, Here?’ En die Here het vir my gesê: ‘Jy moet opstaan en jy moet na Damaskus gaan. Daar sal iemand vir jou alles sê wat Ek wil hê jy moet doen.’

11“Die lig was so skerp dat ek nie kon sien nie. Daarom het die mense wat saam met my gegaan het, my hand geneem en hulle het my gelei tot in Damaskus.

12“Ananias het in Damaskus gewoon. Hy was lief vir die Here, hy het die Here gedien soos die Here wil hê. Ananias het alles gedoen wat die wette sê, en al die Jode wat in Damaskus woon, het geweet dat hy ’n goeie man is.

13Ananias het na my toe gekom en hy het by my kom staan. Hy het vir my gesê: ‘Saul, vriend, jy moet weer sien!’ Dadelik kon ek weer sien en ek het na hom gekyk.

14Ananias het vir my gesê: ‘Die God van ons voorouers het jou gekies om te weet wat Hy wil doen. Hy het jou ook gekies om die Regverdige te sien en sy eie stem te hoor.

15Ja, God het jou gekies, want jy moet vir al die mense gaan vertel van die dinge wat jy gesien en gehoor het.

16Jy moenie langer wag nie. Jy moet nou opstaan. Jy moet jou laat doop en jy moet bid tot Christus. Dan sal Hy jou sondes wegneem.’

17“Toe het ek teruggegaan na Jerusalem. Ek was besig om in die tempel te bid, toe het ek iets gesien, dit was soos in ’n droom.

18Ek het vir Christus gesien. Hy het vir my gesê: ‘Jy moet gou maak en jy moet vinnig weggaan uit Jerusalem, want die mense van Jerusalem sal nie glo wat jy vir hulle wil vertel van My nie.’

19En ek het vir Hom gesê: ‘Here, hulle weet self dat ek na al die sinagoges gegaan het, hulle weet dat ek die mense gevang het en geslaan het, die mense wat in U geglo het.

20En Stefanus was u getuie. Toe die mense vir Stefanus doodgemaak het, het ek self daar gestaan en ek het gesê hulle doen reg. Ek het ook die klere opgepas van die mense wat hom doodgemaak het.’

21“En Christus het vir my gesê: ‘Jy moet nou gaan, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene toe.’ ”

Paulus praat met die Romeinse hoof-offisier

22Die Jode het tot hier geluister na wat Paulus sê. Toe het hulle hard begin skree en hulle het gesê: “Julle moet hom wegvat en doodmaak! Iemand soos hy mag nie lewe nie!”

23Hulle het niks gehou van wat Paulus gesê het nie, hulle het geskree en hulle het party van hulle klere uitgetrek en stof in die lug gegooi.

© Bible Society of South Africa.

24Die hoof-offisier het vir die soldate gesê hulle moet vir Paulus na die soldate-kamp neem en hulle moet hom met ’n sweep slaan totdat hy sê wat hy verkeerd gedoen het. Die hoof-offisier wou weet hoekom die Jode so geskree en geraas het teen Paulus.

25Die soldate het begin om Paulus met toue vas te maak. Die offisier het by hulle gestaan, en Paulus het vir hom gesê: “Ek is ’n Romeinse burger. Julle mag my nie met ’n sweep slaan nie, want ’n regter het my nog nie ge-oordeel nie.”

26Toe die offisier hoor wat Paulus sê, het hy vir die hoof-offisier gaan sê: “Wat gaan jy nou doen? Hierdie man is ’n Romeinse burger.”

27Die hoof-offisier het vir Paulus kom vra: “Is jy ’n Romeinse burger?” Paulus het geantwoord: “Ja.”

28Die hoof-offisier het vir Paulus gesê: “Ek moes baie geld betaal om ’n Romeinse burger te word.” Maar Paulus het gesê: “Ek is ’n Romeinse burger vandat ek gebore is.”

29Die soldate wat Paulus met ’n sweep wou slaan, het dadelik teruggestaan, en die hoof-offisier was ook bang, want die hoof-offisier het besef dat Paulus ’n Romeinse burger is en dat hy vir Paulus laat vasbind het.

Paulus praat voor die Joodse Raad

30Die hoof-offisier wou weet hoekom die Jode vir Paulus beskuldig het. Daarom het hy die volgende dag vir Paulus uit die tronk laat kom. Toe het die hoof-offisier gesê die hoëpriester en die hele Joodse Raad moet ’n vergadering hou. Hy het vir Paulus na die Joodse Raad geneem en hy het vir Paulus voor hulle laat staan.

Handelinge 23

1Paulus het reguit na die Joodse Raad gekyk en hy het vir hulle gesê: “Vriende, ek praat die waarheid, ek weet dat ek tot vandag toe heeltemal reg gelewe het, ek het gelewe soos God wil hê ’n mens moet lewe.”

2Daar het manne naby Paulus gestaan, en Ananias, die hoëpriester, het vir hulle gesê hulle moet vir Paulus op sy mond slaan.

3Toe het Paulus vir hom gesê: “God sal vir jóú slaan, jy is so skynheilig soos ’n muur wat vuil is, maar iemand het wit verf daaroor gesmeer. Jy sit hier om na die wette te luister en om my te oordeel, maar jy doen self nie wat die wette sê nie, jy sê hulle moet my slaan.”

4Die manne wat naby Paulus gestaan het, het vir hom gesê: “Jy beledig nou God se hoëpriester!”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Paulus het geantwoord: “Vriende, ek het nie geweet dat hy die hoëpriester is nie. Ek
weet in die Ou Testament is daar geskryf: “ Jy mag nie slegte dinge sê van ’n leier van
jou volk nie.”

6Paulus het gesien dat party van die lede van die Joodse Raad Sadduseërs is en dat
party van hulle Fariseërs is. Daarom het hy hard voor die Joodse Raad gepraat en hy
het gesê: “Vriende, ek is ’n Fariseër en my pa was ook ’n Fariseër. Ek glo en ek weet
dat God mense wat gesterf het, weer sal laat lewe, dit is seker. Dit is hoekom ek
vandag hier is en hoekom julle my moet oordeel.”

7Toe Paulus dit sê, het die Fariseërs en die Sadduseërs met mekaar begin stry, en al
die mense wat daar was, het in twee groepe verdeel.

8Hulle het gestry, want die Sadduseërs glo nie dat God die mense wat gesterf het,
weer sal laat lewe nie. Hulle glo ook nie dat daar engele of geeste is nie. Maar die
Fariseërs glo dit alles.

9Almal het baie geraas en geskree. Party van die skrifgeleerdes wat ook Fariseërs
was, het opgestaan en hulle het baie gestry en gesê: “Ons dink nie hierdie man,
Paulus, het iets verkeerd gedoen nie! Miskien het ’n engel of ’n gees met hom
gepraat.”

10Toe het almal nog meer gestry en geraas. Die hoof-offisier het bang geword dat
hulle vir Paulus stukkend sou skeur. Daarom het die hoof-offisier vir die soldate gesê
hulle moet hardloop en hulle moet vir Paulus gaan gryp en hom terugneem na die
soldate-kamp.

11Daardie nag het die Here by Paulus kom staan en Hy het vir Paulus gesê: “Jy
moenie moedeloos word nie! Jy het nou vir die mense in Jerusalem van My vertel. So
moet jy ook vir die mense in Rome van My gaan vertel.”

Die Jode maak ’n geheime plan om Paulus dood te maak

12Daardie oggend het die Jode ’n geheime plan gemaak om vir Paulus dood te maak.
Hulle het gesê: “God is ons getuie en Hy moet ons straf as ons iets eet of drink
voordat ons vir Paulus doodgemaak het!”

13Dit was meer as 40 mense wat daardie geheime plan gemaak het.

14Hulle het na die priesterleiers en die ouderlinge gegaan en vir hulle gesê: “Ons het
gesê God moet ons getuie wees en Hy moet ons straf as ons iets eet of drink voordat
ons vir Paulus doodgemaak het.

15Daarom moet julle en die Joodse Raad vir die hoof-offisier ’n boodskap stuur en
sê hy moet vir Paulus na julle toe bring. Julle moet lieg en sê dat julle vir Paulus nog
baie meer vrae wil vra om seker te maak of hy verkeerd gedoen het. Ons is gereed,
ons sal vir Paulus doodmaak voordat hy by julle is.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Maar die seun van Paulus se suster het gehoor dat die mans langs die pad wil
wegkruip en dat hulle dan vir Paulus wil doodmaak. Daarom het hy na die soldate-
kamp gegaan, en hy het vir Paulus gaan sê wat die mans wil doen.

17Toe het Paulus een van die offisiere geroep en hy het vir die offisier gesê: “Jy moet
hierdie jongman na die hoof-offisier neem, want hy wil iets vir die hoof-offisier
vertel.”

18Die offisier het toe die jongman geneem en hy het hom na die hoof-offisier
gebring. En die offisier het vir die hoof-offisier gesê: “Paulus, die gevangene, het my
geroep en hy het vir my gevra om hierdie jongman na jou toe te bring, want die
jongman wil iets vir jou vertel.”

19Die hoof-offisier het die jongman se hand geneem en hy het hom ’n entjie verder
weggeneem sodat hulle alleen kon wees. Hy het toe vir die jongman gevra: “Wat is
dit wat jy vir my wil vertel?”

20Die jongman het geantwoord: “Die Jode het bymekaargekom en hulle het ’n
geheime plan gemaak. Hulle sal vir jou vra om vir Paulus môre na die Joodse Raad te
neem. Hulle sal lieg en sê hulle wil vir Paulus nog meer vrae vra om seker te maak of
hy verkeerd gedoen het.

21Maar jy moenie doen wat hulle vra nie. Meer as 40 manne lê en wag om vir Paulus
dood te maak. Hulle het gesê God moet hulle getuie wees en Hy moet hulle straf as
hulle iets eet of drink voordat hulle vir Paulus doodgemaak het. Daardie mans is nou
gereed om dit te doen, hulle wag nou dat jy vir Paulus na die Joodse Raad laat gaan.”

22Die hoof-offisier het vir die jongman gesê dat hy mag teruggaan huis toe. Hy het
ook vir hom gesê: “Jy moenie vir iemand sê dat jy al hierdie dinge vir my vertel het
nie!”

Die hoof-offisier stuur vir Paulus na Feliks

23Toe roep die hoof-offisier twee offisiere en hy sê vir hulle: “Julle moet vir 200
soldate sê hulle moet gereedmaak sodat julle vanaand nege-uur na die stad Sesarea
kan gaan. Daar moet ook 70 soldate saamgaan wat op perde ry en 200 soldate wat
met spiese veg.

24Julle moet ook perde saamneem sodat Paulus op hulle kan ry en julle moet hom
veilig neem tot by goewerneur Feliks.”

25En die hoof-offisier het ’n brief vir Feliks geskryf. Hy het geskryf:

26Ek, Claudius Lisias, skryf hierdie brief vir jou, geagte goewerneur Feliks. Ek stuur
groete!

27Die Jode het hierdie man gevang en hulle wou hom doodmaak. Maar ek het
gehoor dat hy ’n Romeinse burger is, en daarom het ek met soldate gegaan en ons
het hom gaan red.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

28Ek wou uitvind hoekom die Jode hom beskuldig het. Daarom het ek hom na die Joodse Raad gestuur.

29Ek het uitgevind hulle beskuldig hom dat hy nie doen wat die Joodse wette sê nie. Dit is dinge waaroor die Jode baie stry. Maar hy het niks gedoen waaroor ’n mens hom moet doodmaak of in die tronk moet gooi nie.

30Iemand het vir my kom sê dat die Jode ’n geheime plan gemaak het teen hom. Daarom het ek hom dadelik na jou toe gestuur. En ek het vir die Jode wat hom beskuldig, gesê hulle moet na jou toe gaan en hulle moet sê wat hy verkeerd gedoen het.

31Die soldate het toe gedoen wat die hoof-offisier vir hulle gesê het. Toe dit nag was, het hulle vir Paulus na die stad Antipatris geneem.

32Die volgende dag het hulle die soldate wat op perde gery het, verder saam met Paulus laat gaan, en die ander soldate het teruggegaan na Jerusalem, na die soldate-kamp toe.

33Toe die soldate wat op perde gery het, in Sesarea kom, het hulle die brief vir die goewerneur gegee en hulle het vir Paulus voor die goewerneur laat staan.

34Die goewerneur het die brief gelees en hy het vir Paulus gevra van watter provinsie hy kom. Toe die goewerneur hoor dat Paulus van die provinsie Silisië kom,

35het hy vir Paulus gesê: “Ek sal wag totdat die Jode kom wat jou beskuldig, dan sal ek luister na wat hulle sê en wat jy sê, en dan sal ek besluit of jy verkeerd gedoen het.” En hy het vir die soldate gesê hulle moet vir Paulus toesluit in die paleis wat Herodes gebou het.

Handelinge 24

Paulus praat voor goewerneur Feliks

1Vyf dae het verbygegaan. Toe het die hoëpriester Ananias na goewerneur Feliks toe gekom. Daar het ook ’n paar ouderlinge en ’n advokaat saam met Ananias gekom. Die advokaat se naam was Tertullus. Hulle het vir die goewerneur kom sê wat Paulus verkeerd gedoen het.

2Die goewerneur het vir Paulus laat roep. Toe het Tertullus met die goewerneur gepraat en hy het vir Paulus begin beskuldig. Tertullus het gesê: “Geagte goewerneur Feliks, jy het baie vrede vir ons mense gebring. En jy het gedink wat in die toekoms sal gebeur, en toe het jy baie goeie planne gemaak, planne wat ons volk help.

3Dit is vir ons altyd lekker om die goeie dinge te sien wat jy oral vir ons volk doen. Ons is baie dankbaar daaroor.

© Bible Society of South Africa.

4Maar ek wil nie jou tyd mors nie, ek sal nie lank praat nie. Ek weet jy is altyd vriendelik met mense, daarom vra ek jou baie mooi om te luister na wat ons vra.

5Ons het uitgevind dat hierdie man oral baie probleme maak. Hy maak Jode oral in die wêreld opstandig teen die regering en hy is ’n leier van die groep mense wat verkeerde dinge glo, hulle glo in Jesus van Nasaret.

6“Hy het ook probeer om die tempel in Jerusalem ’n onrein plek te maak. Daarom het ons hom gevang.

7 8Ons beskuldig hom oor al hierdie dinge. Jy moet hom self vra en dan kan jy hoor wat hy daarvan sê.”

9Die ander Jode wat daar was, het gesê dat Tertullus die waarheid praat.

10Die goewerneur het vir Paulus gewys dat hy mag praat. Paulus het vir hom gesê: “Ek weet jy is baie jare lank regter oor hierdie volk. Daarom wil ek graag vir jou sê dat ek onskuldig is.

11“Omtrent twaalf dae gelede het ek na Jerusalem gegaan om te aanbid.

12Toe die Jode my in die tempel gekry het, was ek nie besig om met iemand te stry nie. Ek het ook nie mense opstandig gemaak nie, nie in die sinagoges nie, en ook nie op ander plekke in die stad Jerusalem nie.

13Hulle sê nou dinge teen my, maar hulle kan dit nie bewys nie.

14“Maar een ding is waar, ek is een van die mense wat behoort aan ‘Die Pad.’ Die Jode sê ons is ’n groep mense wat verkeerde dinge glo. Ek aanbid die God van ons voorvaders en ek glo alles wat in die Wette van Moses geskryf is en alles wat die profete geskryf het.

15Ek glo en weet dat God die mense wat gesterf het, weer sal laat lewe, die mense wat reg gedoen het en ook die mense wat verkeerd gedoen het. Die Jode glo dit ook.

16Daarom probeer ek altyd baie hard om so te lewe dat ek kan weet en kan glo dat ek alles reg doen, soos God wil hê ek moet doen en soos mense wil hê ek moet doen.

17“Ek het ná baie jare teruggekom en ek het geld gebring vir die arm mense van my volk. Ek het ook gekom om offers te bring.

18-19Jode uit die provinsie Asië het my in die tempel gekry nadat ek my laat reinig het. Daar was nie baie mense by my nie, niemand wat geskree en geraas het nie. Dit sou goed gewees het as daardie Jode hiér was om my te beskuldig, maar hulle sal niks verkeerd teen my kan sê nie.

20Ek het voor die Joodse Raad gestaan en hulle het ook vir my vrae gevra. Goewerneur, jy kan vra vir die Jode wat nou hier is. Hulle het niks gekry wat ek verkeerd gedoen het nie.

© Bible Society of South Africa.

21Miskien is daar een ding wat ek gesê het wat hulle dink is verkeerd. Ek het een ding geskree en gesê toe ek voor hulle gestaan het. Ek het gesê: ‘God sal mense wat gesterf het, weer laat lewe. Dit is hoekom ek vandag hier is, en dit is hoekom julle my moet oordeel.’ ”

22Feliks het baie geweet van “Die Pad.” En hy het gesê dat al die Jode wat daar was, eers moet weggaan. Hy het gesê: “Wanneer Lisias, die hoof-offisier, kom, dan sal ek besluit wie is reg.”

23Toe het Feliks vir die hoof-offisier gesê dat Paulus in die tronk moes bly, maar hy het gesê die soldate moenie baie kwaai wees met Paulus nie. Hy het gesê dat Paulus se vriende hom mag besoek en dat hulle vir hom alles mag bring wat hy nodig het.

Paulus bring die goeie boodskap van God vir Feliks en Drusilla

24’n Paar dae later het Feliks na die tronk gegaan. Feliks se vrou Drusilla het saam met hom gegaan, sy was ’n Joodse vrou. Feliks het vir die soldate gesê hulle moet vir Paulus gaan haal. Toe het Feliks geluister na wat Paulus sê oor geloof in Christus Jesus.

25Paulus het gesê dat mense reg moet doen en ook dat niemand mag doen wat hy wil doen nie. Hy het ook gesê dat die tyd sal kom wanneer God al die mense sal oordeel. Daarom het Feliks baie bang geword. Hy het vir Paulus gesê: “Jy moet nou eers teruggaan tronk toe. Wanneer ek tyd het, dan sal ek jou weer laat roep.”

26Feliks het ook gehoop dat Paulus vir hom omkoopgeld sal gee sodat hy vir Paulus uit die tronk sal laat kom. Daarom het hy gereeld die soldate gestuur om vir Paulus te gaan haal, en dan het hy met Paulus gesels.

27Twee jaar het verbygegaan. Feliks se tyd om goewerneur te wees, het verbygegaan en Porcius Festus het die nuwe goewerneur geword. Feliks wou graag ’n goeie ding vir die Jode doen en daarom het hy gesê Paulus moet in die tronk bly.

Handelinge 25

Paulus vra dat die keiser hom moet oordeel

1Festus het die nuwe goewerneur geword en hy het na daardie provinsie gekom. Ná drie dae het hy van die stad Sesarea na Jerusalem gegaan.

2Daar in Jerusalem het die priesterleiers en die belangrike Jode vir Paulus by Festus beskuldig. Hulle het baie mooi vir Festus gevra

3dat hy iets goed moet doen vir hulle. Hulle het gevra dat Festus vir Paulus moet laat haal in Sesarea en dat hy vir Paulus na Jerusalem moet bring. Maar die priesterleiers en die Jode het ’n geheime plan gemaak, hulle wou mense stuur wat langs die pad moet wegkruip en wat dan vir Paulus moet doodmaak.

© Bible Society of South Africa.

4Maar Festus het gesê dat Paulus in Sesarea in die tronk moet bly. Festus het ook gesê dat hy gou na Sesarea sal teruggaan.

5Hy het gesê: “Dan kan julle leiers saam met my na Sesarea gaan, en as Paulus iets verkeerd gedoen het, dan kan julle hom beskuldig.”

6Festus het nog omtrent ag of tien dae in Jerusalem gebly en toe het hy teruggegaan na Sesarea. Die volgende dag het hy op die regterstoel gaan sit en vir die soldate gesê hulle moet vir Paulus gaan haal.

7Die soldate het vir Paulus gebring en toe het die Jode wat van Jerusalem gekom het, rondom hom gaan staan. Hulle het vir Paulus beskuldig en hulle het baie slegte dinge teen hom gesê, maar hulle kon dit nie bewys nie.

8En Paulus het gesê dat hy onskuldig is. Hy het gesê: “Ek het niks gedoen teen die wette van die Jode nie, ook nie teen die tempel in Jerusalem nie, en ook nie teen die keiser nie.”

9Maar Festus wou iets goed doen vir die Jode en hy het vir Paulus gevra: “Wil jy na Jerusalem gaan sodat ek jou daar kan oordeel oor hierdie sake?”

10Maar Paulus het geantwoord: “Nee, ek wil voor die regterstoel van die keiser in Rome gaan staan, die keiser moet my oordeel. Ek het niks verkeerd gedoen aan die Jode nie. Jy weet dit baie goed.

11As ek iets verkeerd gedoen het sodat ek moet sterf, dan moet die keiser my straf en hy moet my laat doodmaak. Maar as die Jode my beskuldig het en ek is onskuldig, dan mag niemand my vir die Jode gee sodat hulle met my kan doen wat hulle wil nie. Nee, ek wil voor die regterstoel van die keiser gaan staan, die keiser moet my oordeel!”

12Festus het eers met sy raadgewers hieroor gepraat. Toe het hy vir Paulus gesê: “Jy het gevra om voor die regterstoel van die keiser te staan. Jy sal na die keiser toe gaan en jy sal voor sy regterstoel staan.”

Festus vra vir koning Agrippa wat hy met Paulus moet doen

13Ná ’n paar dae het koning Agrippa en sy vrou Bernice in die stad Sesarea aangekom om vir Festus te groet en welkom te sê.

14Koning Agrippa en Bernice was lank daar, en Festus het vir die koning vertel wat met Paulus gebeur het. Hy het gesê: “Toe Feliks weggegaan het, het hy hier ’n man in die tronk gelos.

15Toe ek in Jerusalem was, het die priesterleiers en die ouderlinge vir my vertel van die man, en hulle het gevra dat ek hom moet oordeel en moet sê hy is skuldig.

16Maar ek het vir hulle gesê die Romeine doen dit nooit nie. Die Romeine maak eers seker dat iemand skuldig is en dan gee hulle hom vir die mense sodat hulle hom kan

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

oordeel. Wanneer mense sê iemand is skuldig, dan moet daardie man hulle kan sien en kan hoor wat hulle sê, en dán moet hy sê hoekom hy nie skuldig is nie.

17Toe het die Jode hier in Sesarea na my toe gekom. Ek het dadelik die volgende dag op die regterstoel gaan sit en vir die soldate gesê hulle moet vir Paulus gaan haal.

18Die Jode het opgestaan en hulle het hom beskuldig. Ek het gedink hulle sal vertel van die slegte dinge wat hy gedoen het, maar hulle het niks slegte dinge teen hom gesê nie.

19Hulle het met hom gestry oor dinge van hulle eie godsdiens, en oor iemand wat dood is, sy naam is Jesus, maar Paulus het gesê Jesus lewe weer.

20Ek het nie geweet hoe om vrae oor daardie dinge te vra nie. Daarom het ek vir Paulus gevra of hy na Jerusalem wil gaan sodat ek hom daar kan oordeel oor hierdie sake.

21Maar Paulus het gesê hy wil in die tronk bly en hy wil na die keiser toe gaan sodat die keiser kan besluit of hy skuldig is. Daarom het ek gesê hy moet in die tronk bly totdat ek hom na die keiser toe kan stuur."

22Agrippa het vir Festus gesê: "Ek wil graag self luister na wat hierdie man sê." Festus het gesê: "Jy kan môre met hom praat en luister na wat hy sê."

23Die volgende dag het Agrippa en Bernice in die saal ingekom. Hulle het baie duur klere aangehad en hulle het baie belangrik gelyk. Die hoof-offisiere en die belangrike manne van die stad het saam met hulle ingekom. Toe het Festus vir die soldate gesê hulle moet vir Paulus gaan haal.

24En Festus het gesê: "Koning Agrippa en al die mense wat hier is, julle moet kyk hoe lyk hierdie man! Toe ek in Jerusalem was en ook hier in Sesarea, het al die Jode gekla oor hom. Hulle het geskree en gesê hy mag nie meer lewe nie.

25Maar ek het uitgevind dat hy niks verkeerd gedoen het nie, dit is nie reg dat ons hom moet straf en doodmaak nie. Maar hy het gesê hy wil na die keiser toe gaan sodat die keiser kan besluit of hy skuldig is. Toe het ek besluit dat ek hom na die keiser toe sal stuur.

26Maar ek het niks wat ek oor hom in 'n brief vir die keiser kan skryf nie. Daarom het ek hom gebring na julle almal, en spesiaal na jou, koning Agrippa. Nadat ons vir hom vrae gevra het, sal ek miskien iets hê om vir die keiser te skryf.

27Want ek dink nie dit is reg om 'n gevangene na die keiser toe te stuur en dan nie vir die keiser te sê hoekom mense die gevangene beskuldig het nie."

Handelinge 26

Paulus sê vir Agrippa dat hy nie skuldig is nie

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Koning Agrippa het vir Paulus gesê: “Jy mag nou iets sê oor jouself.” Toe het Paulus sy hand uitgesteek en hy het begin sê hoekom hy onskuldig is. Hy het gesê:

2“Koning Agrippa, die Jode beskuldig my en hulle sê ek het baie verkeerde dinge gedoen, maar ek is bly dat ek vandag voor jou kan staan en kan sê hoekom ek onskuldig is.

3Ek is nog meer bly omdat jy weet hoe die Jode lewe en waaroor ons stry. Daarom vra ek mooi vir jou om geduldig te luister terwyl ek praat.

4“Al die Jode weet hoe ek gelewe het, vandat ek ’n kind was. Vandat ek klein was, het ek tussen my eie volk en in Jerusalem gebly.

5Hulle ken my ’n lang tyd. As hulle wil, dan sal hulle kan sê dat ek die waarheid praat wanneer ek sê dat ek ’n Fariseër was en dat ek gelewe het soos die Fariseërs. Die Fariseërs is die strengste groep in ons godsdiens, hulle lewe presies soos die wette sê.

6En nou staan ek voor jou sodat jy my kan oordeel omdat ek glo en weet dat God sal doen wat Hy vir ons voorvaders belowe het.

7Ons twaalf stamme hou aan om vir God te dien, want ons weet en hoop dat God sal doen wat Hy belowe het. Ja, koning Agrippa, die Jode beskuldig my omdat ek weet en hoop dat God sal doen wat Hy belowe het.

8Hoekom wil julle nie glo dat God mense wat gesterf het, weer kan laat lewe nie?

9“Voorheen het ek gedink dat ek baie slegte dinge moet doen teen die Naam van Jesus van Nasaret.

10In Jerusalem het ek baie slegte dinge gedoen aan die mense wat aan God behoort. Ek het baie van daardie mense in tronke laat gooi. Die priesterleiers het gesê ek mag dit doen. Ek het ook gesê dit is reg toe hulle die mense doodgemaak het wat aan Jesus behoort.

11Ek het hulle baie maal gestraf en ek het gesê hulle móét in al die sinagoges slegte dinge sê teen God. Ek was baie kwaad vir hulle en ek het baie slegte dinge gedoen aan hulle, ook in die stede in ander lande, ver weg van Jerusalem.

12“Dit is hoekom ek na die stad Damaskus gegaan het. Die priesterleiers het gesê ek kan en moet dit gaan doen.

13Ek was besig om na die stad Damaskus te gaan. Dit was omtrent twaalfuur die middag. Koning, toe het ek ’n lig gesien wat uit die hemel skyn. Die lig was baie helder, meer helder as die son. Die lig het op my geskyn, en ook op die mense wat saam met my geloop het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Ons het almal op die grond geval, en toe het ek iemand gehoor praat. Hy het in Hebreeus vir my gesê: ‘Saul, Saul, hoekom doen jy slegte dinge aan My? Jy maak jouself seer as jy nie na My luister nie.’

15“Ek het geantwoord: ‘Wie is U, Here?’ En die Here het vir my gesê: ‘Ek is Jesus. Jy doen slegte dinge aan My.

16Maar jy moet opstaan. Ja, staan regop, want Ek het aan jou verskyn omdat Ek jou gekies het en omdat Ek jou wil aanstel om vir My te werk. Jy moet My dien en jy moet getuig van die dinge wat jy vandag gesien het. Jy moet ook getuig van die dinge wat Ek later vir jou sal wys.

17Ek sal jou beskerm teen jou eie volk en teen die heidene. Ek stuur jou na die heidene.

18Hulle glo nie in My nie. Hulle is soos blinde mense, maar Ek sal jou gebruik om hulle weer te laat sien. Hulle moet verander en lewe soos God wil hê. Dan sal hulle wees soos mense wat in die donker was, maar wat na die lig gekom het. Ja, hulle moet wegdraai van die krag van Satan, hulle moet teruggaan na God toe. Dan sal God hulle sonde vergewe en hulle sal ook mense word wat aan God behoort omdat hulle in My glo.’

19“Koning Agrippa, God het dit alles vir my laat sien en laat hoor. Daarom was ek gehoorsaam

20en ek het gaan preek, eers vir die mense wat in Damaskus woon, en toe vir die mense wat in Jerusalem woon, en toe oral in die provinsie Judea, en ook vir die heidene. Ek het vir hulle gesê hulle moet verander en begin lewe soos God wil hê. Ja, hulle moet teruggaan na God toe en hulle moet dinge doen wat wys dat hulle verander het en dat hulle lewe soos God wil hê.

21Dit is hoekom die Jode my in die tempel gevang het, dit is hoekom hulle my probeer doodmaak het.

22Maar God het my gehelp, tot vandag toe. Daarom staan ek hier en ek vertel vir almal van God, ek vertel dit vir kinders en vir grootmense. In die boeke van die profete en in die Wette van Moses is die dinge geskryf wat moes gebeur. Ek praat oor daardie dinge.

23Daar is geskryf dat die Christus baie swaar moes kry en dat Hy die eerste Persoon sal wees wat gesterf het en wat weer begin lewe het. Dan sal die Christus vir almal vertel dat God hulle red, die Jode en die heidene. Hulle sal wees soos mense wat in die donker is en dan die lig sien.”

24Terwyl Paulus gepraat het en gesê het hoekom hy onskuldig is, het Festus hard geskree en gesê: “Paulus, jy is mal! Jy het te veel dinge geleer, en dit maak jou mal!”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Maar Paulus het gesê: “Geagte Festus, ek is nie mal nie. Ek praat die waarheid, ek praat soos ’n wyse man praat.

26Ek is nie bang om met koning Agrippa te praat nie. Want ek weet en ek is seker dat hy weet van hierdie dinge wat ek sê, want hierdie dinge het gebeur waar almal dit kon sien.

27Koning Agrippa, glo jy wat in die boeke van die profete geskryf is? Ek weet dat jy dit glo.”

28Agrippa het vir Paulus gesê: “Jy moenie dink dat jy my so maklik ’n Christen sal maak nie!”

29Paulus het geantwoord: “Ek bid en vra vir God dat Hy vir jou sal maak soos ek is, en dat Hy dit ook sal doen vir al hierdie mense wat vandag na my luister. God kan dit gou doen of Hy kan dit ná ’n lang tyd doen, dit maak nie saak nie. Ja, ek wil hê julle moet wees soos ek is, maar julle moenie gevangenes wees nie.”

30Toe het die koning opgestaan, ook die goewerneur en Bernice en die mense wat by hulle gesit het.

31Toe hulle uitgaan uit die saal, sê hulle vir mekaar: “Hierdie man is onskuldig. ’n Mens mag hom nie straf en doodmaak nie. Hy moet ook nie in die tronk wees nie.”

32En Agrippa het vir Festus gesê: “Hierdie man het gesê dat die keiser hom moet oordeel. As hy dit nie gevra het nie, dan kon hy nou uit die tronk gekom het.”

Handelinge 27

Paulus gaan na Rome

1Die amptenare het besluit dit is tyd dat Paulus en ons met ’n skip na die land Italië moet seil. Die soldate het toe vir Paulus en party ander gevangenes vir Julius gegee. Julius was die offisier van ’n groep soldate van die keiser.

2Ons het op ’n skip geklim wat na die stad Adramittium sou seil, want ons wou gaan na plekke in die provinsie Asië. Die skip het begin seil. Aristargus was ook saam met ons. Hy was ’n man van die stad Tessalonika in die provinsie Masedonië.

3Die volgende dag het die skip by die stad Sidon aangekom. Julius was vriendelik met Paulus. Julius het gesê Paulus mag na sy vriende in Sidon gaan sodat hulle vir hom kan sorg.

4Die volgende dag het ons weggeseil van Sidon. Ons het toe by die eiland Siprus verbygeseil. Die wind het sterk teen ons gewaai en daarom het ons langs Siprus verbygeseil, langs die kant waar die wind nie so sterk was nie.

5Ons het met die skip oor die see langs die lande Silisië en Pamfilië geseil. Ons het geseil tot by die stad Mira in die land Lisië.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

6In Mira het die offisier ’n skip gekry wat van die stad Aleksandrië gekom het. Die skip sou na Italië seil. Die offisier het toe vir ons gesê ons moet op daardie skip klim.

7Ons het lank geseil, en nadat ons skip baie gesukkel het, het ons naby die stad Knidus gekom. Maar die wind het sterk teen ons gewaai, en daarom het ons langs die eiland Kreta verbygeseil, langs die kant waar die wind nie so sterk was nie. Ons was oorkant die stad Salmone.

8Ons het verby Salmone geseil, maar ons het baie gesukkel. Toe het ons by ’n plek gekom, die plek se naam was Mooi Hawens. Dit was naby die stad Lasea.

9Ons het lank geseil. Dit was ook laat in die jaar, die winter was naby, en dit was toe gevaarlik om met ’n skip te seil. Daarom het Paulus vir die offisier en sy manne gesê:

10“Vriende, ons moenie nou verder seil nie. Dit is baie gevaarlik en ons sal baie dinge verloor. Ons sal die goed op die skip verloor, en ook die skip én ons lewens.”

11Maar die offisier het geluister na wat die kaptein van die skip en die eienaar van die skip vir hom gesê het, hy wou nie na Paulus luister nie.

12’n Mens kon nie die hele winter by Mooi Hawens bly nie. Daarom het die meeste mense op die skip gesê ons moet verder seil en ons moet probeer om tot by Feniks te kom. Feniks was ’n hawe van die eiland Kreta. Dit was ’n veilige plek om te bly terwyl dit winter is, want die suidweste-kant en die noordweste-kant van die hawe was oop.

Die storm op die see

13Die suidewind het saggies gewaai. Toe dink hulle dat hulle plan kan slaag, die plan om tot by die hawestad Feniks te seil. Daarom het hulle die skip se anker opgetrek en hulle het begin seil. Hulle het naby die eiland Kreta verbygeseil.

14Maar hulle het nie lank geseil nie, toe begin ’n baie sterk wind waai, die wind het van Kreta gekom. Dit was ’n noordooste-wind, die wind se naam was Eurakilon.

15Die wind het die skip saamgesleep. Ons kon nie die skip draai sodat dit teen die wind seil nie. Daarom het ons die skip gelos sodat dit gedryf het, saam met die wind.

16Ons het die skip verby ’n klein eiland gestuur, die eiland se naam was Kauda. Die wind was daar nie baie sterk nie. Toe het ons baie gesukkel om te keer sodat die klein bootjie nie wegdryf van die skip nie.

17Die matrose het die klein bootjie opgetrek en hulle het dit bo-op die skip vasgemaak. Toe het hulle toue om die skip gebind en so het hulle probeer om die skip sterker te maak. Hulle was bang dat die wind die skip sal stoot tot by die sandbanke van Sirtis, dan sou die skip stukkend breek. Daarom het hulle ’n seil aan ’n tou vasgemaak en hulle het die seil in die see gegooi om die skip stadiger te laat dryf. So het ons verder gedryf.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18Dit was ’n kwaai storm. Daarom het die matrose die volgende dag begin om die
goed wat op die skip was, in die see te gooi.

19Op die derde dag het hulle self ook baie van die skip se seile en toue en pale in die
see gegooi.

20Ons het baie dae lank nie die son gesien nie, ook nie die sterre nie, en die storm
was baie kwaai. Daarom het ons opgehou om te hoop, ons het gedink dat ons sal
sterf.

21Hulle het ’n lang tyd niks geëet nie. Paulus het toe opgestaan en hy het tussen
hulle gaan staan en gesê: “Vriende, ek het gesê ons moenie wegseil van Kreta nie.
Hoekom het julle nie na my geluister nie? Dan het julle nie nou hierdie groot
probleme gehad nie, en dan het julle ook nie julle goed verloor nie.

22Maar nou wil ek vir julle sê wat julle moet doen. Julle moet sterk wees. Nie een van
julle sal sterf nie, maar die skip sal stukkend breek en sink.

23Want gisternag het daar ’n engel by my kom staan. Dit was ’n engel van God, ek
behoort aan daardie God, Hy is die God wat ek dien.

24Die engel het vir my gesê: ‘Paulus, jy moenie bang wees nie. Jy moet voor
die regterstoel van die keiser in Rome gaan staan. God sal ook goed wees vir almal
wat saam met jou op die boot is. Hy sal hulle red omdat Hy jou wil red.’

25Vriende, daarom moet julle nie moedeloos wees nie! Ek glo dat God dit sal doen,
ek glo dit sal gebeur soos die engel vir my gesê het.

26Maar die skip sal stukkend breek by een van die eilande.”

27Dit was 14 dae nadat die storm begin het. Dit was nag, en die skip het rondgedryf in
die Adriatiese See. Dit was in die middel van die nag. Die matrose het gedink die skip
kom naby die land.

28Hulle het gemeet hoe diep dit is. Dit was 20 vaam. Die skip het verder gedryf.
Hulle het weer gemeet hoe diep dit is en dit was toe 15 vaam.

29Hulle was bang dat die skip stukkend sal breek op die rotse. Daarom het hulle vier
ankers vasgemaak aan toue en hulle het die ankers afgegooi by die agterkant van die
skip. Hulle het gebid dat dit dag moet word.

30Party van die matrose wou wegkom van die skip. Hulle het gemaak of hulle ook
ankers by die voorkant van die skip wil afgooi. Maar hulle het die klein bootjie
geneem en hulle wou dit in die see laat sak en probeer om met die bootjie weg te
kom van die skip.

31Toe sê Paulus vir die offisier en vir die soldate: “Daardie matrose moet op die skip
bly. As hulle nie op die skip bly nie, dan sal God nie vir julle red nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

32Toe het die soldate die toue van die klein bootjie afgekap en hulle het die bootjie
in die see laat val.

33Net voor dit dag geword het, het Paulus almal bemoedig en hy het gesê hulle
moet iets eet. Hy het gesê: “Julle is bang vir wat sal gebeur, en julle het 14 dae lank
nie geëet nie.

34Daarom vra ek nou mooi vir julle dat julle moet eet, want dit sal help dat julle
aanhou lewe. Want julle moet weet dat daar nie een haar van iemand se kop sal
afval nie, God sal julle beskerm.”

35Nadat Paulus dit gesê het, het hy brood geneem en gebid en hy het vir God dankie
gesê. Almal het gesien hoe hy dit doen. Toe het hy die brood gebreek en hy het begin
om dit te eet.

36Paulus het hulle almal bemoedig en hulle het ook begin eet.

37Ons was 276 mense op die skip.

38Nadat almal genoeg geëet het, het hulle die koring wat op die skip was, in die see
gegooi. Hulle het dit gedoen om die skip ligter te maak.

Die skip breek heeltemal stukkend

39Dit het dag geword. Hulle het land gesien, maar hulle het nie geweet watter plek
dit is nie. Hulle het ’n strand gesien, daar was nie rotse nie. Toe het hulle gedink hulle
sal probeer om die skip op die strand te laat stop.

40Hulle het die ankers se toue afgesny en hulle het die ankers in die see gelos. Hulle
het ook die toue om die roeispane losgemaak. En hulle het die seil wat voor op die
skip was, oopgemaak sodat die wind die skip vorentoe kon waai. Hulle het probeer
om die skip na die strand te stuur.

41Maar die skip het teen ’n sandbank vasgeseil en die voorste deel van die skip het
vasgesit. Dit kon nie beweeg nie. Toe het die sterk branders die agterste deel van die
skip stukkend geslaan.

42En die soldate het besluit om die gevangenes dood te maak sodat hulle nie na die
land kon swem en dan kon weghardloop nie.

43Maar die offisier wou vir Paulus red en hy het die soldate gekeer. Die soldate kon
nie doen wat hulle wou doen nie. Toe het die offisier gesê dat almal wat kan swem,
eerste in die see moet spring en hulle moet na die land swem.

44Daarna moes almal wat nie kon swem nie, probeer om by die land te kom. Party
mense het op planke na die land gegaan en party mense het op stukke van die skip
gegaan. So het almal veilig by die land uitgekom.

Handelinge 28

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Paulus op die eiland Malta

1Nadat ons veilig op die strand gekom het, het ons gehoor dat die naam van die
eiland Malta is.

2Die mense op die eiland was baie vriendelik. Dit het gelyk of dit sal reën en dit was
koud. Hulle het ’n vuur gemaak en hulle het ons na die vuur geneem.

3Paulus het ’n klomp droë hout opgetel en hy het dit op die vuur gegooi. Maar daar
was ’n slang in die hout. Omdat die vuur warm was, het die slang uitgekom. Die slang
het vir Paulus aan sy hand gebyt.

4Die mense wat op die eiland bly, het gesien die slang hang aan Paulus se hand. Hulle
het vir mekaar gesê: “Hierdie man is ’n moordenaar, dit is seker. Die gode wil hom
straf en doodmaak omdat hy verkeerd gedoen het. Die gode het gesien dat hy nie in
die see verdrink het nie, nou sal die slang hom doodmaak!”

5Maar Paulus het die slang afgeskud, en dit het in die vuur geval. En daar het niks
sleg met Paulus gebeur nie.

6Die mense het gedink dat Paulus sal opswel of dat hy sal val en sterf. Hulle het lank
gewag en toe het hulle gesien dat daar niks met hom gebeur nie. Toe het hulle iets
anders begin dink. Hulle het gesê dat Paulus ’n god is.

7Naby daardie plek was die grond van die hoof van die eiland. Die hoof se naam was
Publius. Hy was vriendelik en hy het vir ons plek gegee om te bly, drie dae lank.

8Publius se pa was siek. Hy het koors gehad en sy maag was baie deurmekaar en het
gewerk. Paulus het na hom toe gegaan en hy het vir hom gebid. Paulus het sy hande
op hom gesit en hy het hom gesond gemaak.

9Nadat dit gebeur het, het ander mense wat op die eiland gewoon het en wat siek
was, ook na Paulus toe gekom, en hy het hulle gesond gemaak.

10Hulle het vir ons baie goed gegee wat gewys het dat hulle ons respekteer. Hulle het
ook vir ons alles gegee wat ons moes hê toe ons weer weggeseil het met ’n skip.

Paulus gaan weg uit Malta en kom in Rome aan

11Drie maande het verbygegaan. Toe het ons met ’n ander skip weggeseil van die
eiland Malta. Die skip het van die stad Aleksandrië gekom en dit het daar by die
eiland gewag totdat die winter verby was. Die skip se naam was Dioskuri.

12Ons het met die skip geseil tot by die stad Sirakuse. Ons het drie dae daar gebly.

13Toe het ons weggeseil van Sirakuse en ons by die stad Regium gekom. Ná een dag
het ’n suidewind begin waai, en die volgende dag het ons geseil tot by die stad
Puteoli.

14In Puteoli was daar ook gelowiges. Hulle het vir ons gevra om sewe dae by hulle te
bly. En toe het ons na Rome gegaan.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

15Die gelowiges wat in Rome gewoon het, het gehoor dat ons kom. Hulle het ons kom groet. Party van hulle het ons kom groet by die Mark van Appius, en party van hulle het ons kom groet by die Drie Herberge. Toe Paulus die gelowiges sien wat van Rome kom, het hy gebid en vir God dankie gesê en hy het sterk gevoel.

Paulus in Rome

16Ons het in Rome gekom, en die Romeine het gesê dat Paulus nie in die tronk moet bly nie. Hulle het gesê dat Paulus in ’n huis mag gaan woon, saam met die soldaat wat hom moes oppas.

17Ná drie dae het Paulus gevra dat al die belangrike Jode na hom toe moet kom. Toe hulle almal bymekaar was, het Paulus vir hulle gesê: “Vriende, ek het niks verkeerd gedoen teen ons volk nie. Ek het net die dinge gedoen wat ons voorvaders vir ons geleer het. Maar die Jode in Jerusalem het my gevang en hulle het my vir die Romeine gegee.

18Die Romeine het vir my vrae gevra om uit te vind of ek skuldig is. Hulle wou my laat gaan, want ek het niks verkeerd gedoen waaroor hulle my moes straf en doodmaak nie.

19Ek het ook nooit my volk beskuldig nie, maar die Jode in Jerusalem wou nie hê dat die Romeine my moet laat gaan nie. Daarom kon ek niks anders doen nie, ek moes sê dat ek voor die regterstoel van die keiser wil kom staan. Die keiser moet my oordeel.

20Dit is hoekom ek gevra het om julle te sien sodat ek met julle kan praat. Ek glo en hoop dieselfde dinge wat al die Israeliete glo en hoop. Dit is hoekom ek nou ’n gevangene is, en dit is hoekom die soldate my vasgemaak het met kettings.”

21Die Jode in Rome het vir Paulus gesê: “Die Jode in Judea het nie vir ons briewe geskryf oor jou nie. En niemand van hulle het hier by ons aangekom en slegte dinge gesê van jou nie.

22Maar ons wil graag hoor wat jy dink, want ons weet hierdie groep mense glo in Jesus, maar die mense sê oral dat die groep verkeerde dinge glo.”

23Hulle het toe besluit op watter dag hulle weer na Paulus toe sal kom. Op daardie dag het baie Jode na Paulus se huis gekom. Hy het die hele dag met hulle gepraat. Hy het baie ernstig met hulle gepraat en hy het vir hulle gesê dat God Koning is. Hy het ook uit die Wette van Moses en die boeke van die profete gelees en hy het vir hulle gesê dat hulle in Jesus moet glo.

24Party van die Jode het geglo wat Paulus gesê het, maar party het nie geglo nie.

25En hulle het met mekaar gestry. Toe hulle uit Paulus se huis uitgaan, het hy nog hierdie een ding vir hulle gesê: “Die Heilige Gees het vir die profeet Jesaja iets gesê wat Jesaja vir julle voorvaders moes gaan sê. Wat die Heilige Gees gesê het, is waar.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

26Hy het gesê: “ Jy moet na hierdie volk gaan en jy moet vir hulle sê: “Julle sal hoor
en hoor, maar julle sal niks verstaan nie. Julle sal kyk en kyk, maar julle sal niks sien
nie.

27Hierdie volk het hardkoppig geword. Hulle het opgehou luister sodat hulle nie kan
verstaan nie. Hulle het hulle oë toegehou sodat hulle nie kan sien nie en nie kan
verstaan nie. Ek wil hulle gesond maak, maar hulle wil nie verander en lewe soos Ek
wil hê nie.

28“Daarom moet julle weet dat God sy boodskap na die heidene toe gestuur het, die
boodskap dat Hy mense wil red. En hulle sal die boodskap glo.”

29 30Paulus het twee jaar lank gewoon in die huis wat hy gehuur het. Almal wat hom
wou besoek, het na hom toe gekom.

31Hy het vir hulle gepreek en hy het gesê dat God Koning is. Hy het ook vir hulle
geleer van die Here Jesus Christus. Hy was nie bang om dit te doen nie, en niemand
het hom gekeer nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Romeine

Romeine 1

1 Ek, Paulus, skryf hierdie brief vir julle. Ek is ’n dienaar van Christus Jesus. Christus
het my gekies om ’n apostel te wees en Hy het vir my die werk gegee om die goeie
boodskap van God te bring.

2 God het lank gelede vir die profete gesê hulle moet in die Ou Testament skryf dat
Hy vir die mense die goeie boodskap belowe,

3 die goeie boodskap oor sy Seun. Die Seun het mens geword, en Hy was van
die nageslag van Dawid.

4 Die Seun het gesterf, maar God het Hom weer laat lewe. Daarom het die Heilige
Gees gesê Christus is die Seun van God wat alles kan doen. Ja, Hy is Jesus Christus
ons Here.

5 Christus was baie goed vir my en Hy het my gekies en aangestel om ’n apostel te
wees. Ek moet vir al die heidene van Hom vertel, sodat hulle in Hom kan glo en
gehoorsaam kan wees aan Hom. Dan sal almal weet wie Christus is.

6 Julle glo ook in Jesus Christus. Hy het ook vir julle gekies om aan Hom te behoort.

7 Ek skryf hierdie brief vir julle almal wat in die stad Rome is. God is lief vir julle, Hy
het julle gekies om aan Hom te behoort. Ek bid dat God ons Vader en die Here Jesus
Christus genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle vrede sal gee.

Paulus wil graag die gelowiges in Rome besoek

8 Maar ek wil eers vir Jesus Christus vra om vir my God te sê dat ek dankie sê, want
oral in die wêreld praat die mense daaroor dat julle in Christus glo.

9 Ek dien God met my hele hart en ek bring vir mense die goeie boodskap oor die
Seun van God. Ek dink altyd aan julle, God weet dit is waar.

10 Elke maal wanneer ek bid, dan vra ek weer vir God of Hy my sal toelaat om na julle
toe te kom.

11 Ek wil graag na julle toe kom. Ek wil vir julle ’n genadegawe van die Heilige Gees
kom gee sodat julle geloof sterker kan word.

12 Dan sal julle mý geloof sterker maak, en ek sal júlle geloof sterker maak.

13 Vriende, dit is belangrik dat julle moet weet dat ek baie maal besluit het om na
julle toe te kom, maar elke maal het iets gebeur, en dan kon ek nie kom nie. Ek wil na
julle toe kom, want ek wil graag hê dat daar by júlle ook mense moet wees wat in
Christus glo, soos dit ook by ander heidene gebeur het toe ek daar gewerk het.

14 Ek moet al die mense dien: die Grieke en die mense wat nie Grieke is nie, die
mense wat wysheid het en die mense wat nie wysheid het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15 Dit is hoekom ek ook graag by julle in die stad Rome die goeie boodskap wil bring.

16 Ek is nie skaam om die goeie boodskap te bring nie. Die goeie boodskap is God se krag, dit red almal wat glo, eers die Jode, en dan ook die mense wat nie Jode is nie.

17 Die goeie boodskap wys vir almal dat God doen wat reg is. Dit wys dat Hy mense vryspreek omdat hulle glo, en nét omdat hulle glo. Dit is soos in die Ou Testament geskryf is: Wanneer God mense vryspreek omdat hulle glo, dan sal hulle lewe.

God straf die mense omdat hulle sonde doen

18 God wat in die hemel woon, straf al die mense wat Hom nie dien nie. Almal kan sien dat Hy hulle straf. Hy straf hulle omdat hulle baie verkeerde dinge doen, so baie verkeerde dinge dat nie een van hulle weet wat die waarheid is nie.

19 Hulle weet die dinge wat mense van God kan weet, want God het dit vir hulle gewys.

20 Mense sien van die begin af alles wat God gemaak het. Hulle kan nie vir God sien nie, maar hulle kan verstaan dat Hy altyd sterk is en dat Hy God is. Hulle kan dit weet omdat hulle sien wat Hy gedoen het. Daarom kan hulle nie sê dat hulle dit nie weet nie.

21 Hulle ken God, maar hulle respekteer Hom nie en hulle sê nooit vir Hom dankie nie. Hulle is dom, hulle doen nie wat God wil hê nie. Hulle verstaan niks, hulle is soos mense wat in die donker lewe.

22 Hulle dink hulle is slim, maar hulle doen nie wat God wil hê nie.

23 God is Koning, Hy kan nooit sterf nie, maar hulle dien Hom nie. Hulle kies om afgode te dien, beelde wat lyk soos mense, mense wat sterf, of beelde wat lyk soos voëls of diere of slange.

24 Daarom los God hulle sodat hulle die slegte dinge kan doen wat hulle graag wil doen, dinge wat wys dat hulle nie mekaar se liggame respekteer nie.

25 Hulle glo nie die waarheid van God nie, hulle kies om hulle eie leuens te glo. God het alles gemaak, maar hulle aanbid en dien die dinge wat Hy gemaak het, hulle aanbid nie vir God nie, God vir wie almal altyd moet prys. Amen.

26 Daarom los God hulle om die onsedelike dinge te doen wat hulle graag wil doen. Hulle vroue het seks met ander vroue, maar dit is iets wat mense nie mag doen nie.

27 Die mans doen ook verkeerd. Mans het gewoonlik seks met vroue, maar party mans doen dit nie. Hulle wil baie graag seks hê met ander mans, en dan doen hulle dinge met mekaar waaroor mense skaam moet wees. Dit is verkeerd, en daarom straf God hulle, Hy los hulle sodat hulle kan aanhou om hierdie slegte dinge te doen.

© Bible Society of South Africa.

28Hulle wil nie vir God ken en Hom dien nie. Daarom los God hulle sodat hulle slegte dinge kan dink en dinge kan doen wat mense nie moet doen nie.

29Hulle doen baie verskillende verkeerde dinge. Hulle is sleg, hulle wil alles hê wat hulle sien en hulle doen graag slegte dinge. Hulle is jaloers, hulle maak ander mense dood, hulle stry met mekaar, hulle bedrieg mekaar en hulle hou daarvan om slegte dinge te doen. Hulle skinder,

30hulle sê slegte dinge van ander mense. Hulle haat God, hulle is hoogmoedig, hulle dink hulle is baie goed en hulle hou daarvan om te spog. Hulle dink altyd aan nuwe slegte dinge om te doen. Hulle luister nie vir hulle ouers nie.

31Hulle doen dom dinge, 'n mens kan hulle nie vertrou nie, hulle is nie lief vir ander mense nie, hulle is vir niemand jammer nie.

32Hulle weet dat God se wette sê Hy sal mense straf as hulle daardie verkeerde dinge doen, Hy sal hulle laat sterf. Maar hulle hou aan om die verkeerde dinge te doen en hulle sê ook dit is goed wanneer ander mense daardie dinge doen.

Romeine 2

God dink nie een mens is belangriker as 'n ander mens nie

1 Jy sê ander mense doen dinge wat verkeerd is, maar jy, ja jý, is ook skuldig. Jy sê húlle doen verkeerde dinge, maar jý doen dieselfde dinge. As jy sê hulle doen verkeerde dinge, dan beteken dit dat jy ook skuldig is, want jy doen dieselfde verkeerde dinge.

2Ons weet dit is reg dat God mense straf wat daardie verkeerde dinge doen.

3Jy, ja jý, sê ander mense doen dinge wat verkeerd is, maar jy doen dieselfde dinge. Jy moet weet dat God jou ook sal straf, jy sal nie kan wegvlug nie.

4God is baie goed, Hy straf mense nie gou nie, Hy is geduldig, want Hy wil hê jy moet lewe soos Hy sê. Maar dit alles is nie vir jou belangrik nie.

5Jy luister nie na God nie, jy lewe nie soos God wil hê nie. Daarom sal God jou straf op daardie dag wanneer Hy al die mense sal straf, daardie dag wanneer almal sal kan sien dat sy straf reg is.

6 God weet wat elke mens gedoen het en Hy sal elke mens oordeel oor wat hy gedoen het.

7Party mense hou aan om goeie dinge te doen, want hulle wil graag hê God moet hulle eendag soos konings maak. Hulle wil hê mense moet hulle respekteer, en hulle wil aanhou lewe. God sal vir hulle die ewige lewe gee.

8Maar party mense is selfsugtig. Hulle weet wat reg is, maar hulle doen dit nie. Hulle doen graag dinge wat verkeerd is. God sal kwaad bly vir hulle en Hy sal hulle straf.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9 Ja, God sal ál die mense straf wat verkeerd doen. Hy sal hulle laat swaarkry, en dit
sal sleg gaan met hulle, met hulle almal, eerste die Jode en dan die mense wat nie
Jode is nie.

10 Maar God sal baie goed wees vir die mense wat goeie dinge doen. Hulle sal soos
konings wees, almal sal hulle respekteer, en God sal vir hulle vrede gee, eerste vir die
Jode en dan vir die mense wat nie Jode is nie.

11 Ja, God dink nie een mens is belangriker as ’n ander mens nie.

Mense moet doen wat God se wette sê

12 God het nie sy wette vir al die mense gegee nie. Daar is mense wat nie God se
wette het nie. As húlle sonde doen, dan sal hulle verlore gaan. Maar party mense
het God se wette. As húlle sonde doen, dan wys die wette dat hulle sonde gedoen
het en dat God hulle sal straf.

13 Want God spreek nie mense vry omdat hulle die wette ken nie. God spreek hulle
vry as hulle dóén wat die wette sê.

14 Die heidene het nie God se wette nie, maar partymaal besluit hulle self wat reg is
en dan doen hulle dinge wat die wette sê. Hulle het nie God se wette nie, maar hulle
lewe dan soos mense wat God se wette het.

15 Hulle doen dinge wat wys dat hulle God se wette in hulle harte het. Hulle weet self
wat is reg en wat is verkeerd, en hulle kan vir hulleself sê dat hulle reg doen of dat
hulle verkeerd doen.

16 Dit sal gebeur op daardie dag wanneer God vir Christus Jesus sê dat Hy moet kyk
na al die slegte dinge wat mense gedink het, en dat Hy hulle moet oordeel. Dit is wat
die goeie boodskap sê, die boodskap wat ek preek.

Die Jode en God se wette

17 Jy sê jy is ’n Jood, jy sê God se wette is vir jou baie belangrik en jy spog en sê God is
jou God.

18 Jy weet wat God wil hê jy moet doen, jy weet wat is die regte dinge om te doen,
want mense leer vir jou wat die wette sê.

19 Jy dink jy kan ander mense help soos ’n mens iemand help wat blind is of soos ’n
mens lig maak vir mense wat in die donker is.

20 Jy dink jy is soos iemand wat vir mense leer, mense wat niks verstaan nie. Jy dink jy
is soos ’n onderwyser wat vir kindertjies leer. Jy dink dat alles wat ’n mens moet
weet in God se wette is en dat al die waarheid in die wette is, en jy hét daardie
wette.

21 Maar jy dink verkeerd. Jy leer vir ander mense, maar jy leer nie vir jouself nie. Jy sê
vir ander mense hulle mag nie steel nie, maar jy self steel.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Jy sê vir ander mense hulle mag nie egbreuk pleeg nie, maar jy self pleeg egbreuk. Jy sê jy haat afgode, maar jy steel goed uit die afgode se tempels.

23Jy spog omdat jy God se wette het, maar jy doen nie wat die wette sê nie en so wys jy dat jy nie vir God respekteer nie.

24Daarom gebeur wat in die Ou Testament geskryf is. Daar is geskryf: Julle doen verkeerde dinge, en daarom praat die heidene sleg van God.

25As jy doen wat God se wette sê, dan is dit goed dat jy besny is. Maar as jy nie doen wat God se wette sê nie, dan beteken dit niks dat jy besny is nie, dan is jy soos die mense wat nie besny is nie.

26As mense nie besny is nie en hulle doen wat God se wette sê, dan sal God sê dit maak nie saak dat hulle nie besny is nie. Hulle is dan vir God dieselfde soos die mense wat besny is.

27Die mense wat nie besny is nie en wat doen wat God se wette sê, sal wys dat jy verkeerd is. Jy het die wette van God en jy is besny, maar jy doen nie wat die wette sê nie.

28-29Wie is die ware Jode? Dit is nie die mense wat vir ander mense lyk soos Jode nie. Nee, hulle moet in hulle hárte Jode wees. As mense se liggame besny is, dan is hulle nog nie regtig besny nie. Hulle hárte moet besny wees. Dit beteken: Dit is nie belangrik dat mense se liggame besny is nie, dit is belangrik dat die Heilige Gees in hulle harte is. Dán sal Gód hulle prys, nie ander mense nie.

Romeine 3

God doen wat Hy belowe het

1Is dit belangrik dat iemand ’n Jood is of dat hy besny is?

2Ja, dit is baie belangrik. Die belangrikste is dat God met die Jode gepraat het en dat Hy sy woorde vir hulle gegee het.

3Maar party van die Jode doen nie wat hulle belowe het nie, hulle dien nie vir God nie. Sal God nou ook nie doen wat Hy vir die Jode belowe het nie?

4Nee, nooit nie! God doen altyd wat Hy belowe. Dit is mense wat nie doen wat hulle sê nie. Daarom is daar in die Ou Testament geskryf: O God, wanneer U iets sê, dan is dit reg. Mense wat probeer om vir U te beskuldig, verloor altyd.

5Party mense sê dat wanneer ons verkeerde dinge doen, dan kan ’n mens beter sien dat God altyd reg doen. Moet ons dan sê God is verkeerd wanneer Hy ons straf?

6Nee, nooit nie! As dit wat hulle sê, reg is, dan mag God nooit sê mense is verkeerd nie en dan mag Hy hulle nie straf nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Party mense sê dat wanneer ons leuens vertel, dan kan ander mense beter sien dat God altyd reg doen en dan kan hulle Hom prys. Hulle sê daarom mag God nie sê ons is sondaars nie en daarom mag Hy ons nie straf nie. Maar daardie mense is verkeerd!

8Daar is mense wat verkeerd van ons praat. Hulle sê ons sê dat ons slegte dinge moet doen sodat daar goeie dinge met ons kan gebeur. Maar hulle praat nie die waarheid nie. God moet hulle straf, en Hy sal dit doen.

Almal is vol sonde

9Mag ons sê dat ons onskuldig is en dat ons nie sonde doen nie? Nee, nooit nie! Ek het in die begin van hierdie brief gesê dat almal skuldig is. Ek het gesê almal is vol sonde, die Jode én die mense wat nie Jode is nie.

10In die Ou Testament is daar geskryf: Niemand doen reg nie, nie een nie.

11 Niemand is verstandig nie, niemand vra wat God wil hê nie.

12Niemand doen wat God wil hê nie, almal doen verkeerde dinge, nie een mens doen goed nie, niemand nie.

13 Hulle sê dinge wat baie sleg is, hulle praat en dan bedrieg hulle ander mense, hulle woorde is so sleg soos die gif van slange.

14 Hulle hou daarvan om mense te vervloek en om slegte dinge te sê.

15 Hulle hou daarvan om mense dood te maak.

16Hulle breek alles en hulle maak mense baie seer.

17Hulle hou nie van vrede nie.

18 Hulle respekteer nie vir God nie.

19Ons weet dat almal wat God se wette ken, moet doen wat die wette sê. Daarom kan niemand sê hy is onskuldig nie. Ja, God moet al die mense in die wêreld straf,

20want Hy sal niemand vryspreek omdat hy doen wat die wette sê nie. Die wette wys vir ons wat sonde is, die wette wys niks meer nie.

God spreek mense vry omdat hulle in Christus glo

21Maar nou het God vir ons kom wys dat Hy mense vryspreek, maar nie omdat hulle doen wat die wette sê nie. Ons lees daarvan in die Wette van Moses en in die boeke van die profete.

22God spreek mense vry omdat hulle in Jesus Christus glo. Ja, God spreek almal vry wat glo, dit maak nie saak wie hulle is nie.

23Want al die mense het sonde gedoen en hulle lewe nie soos God, die Koning, wil hê hulle moet lewe nie,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

24maar God spreek hulle vry omdat Hy baie goed is vir hulle, omdat Christus Jesus hulle vrygemaak het.

25God het vir Christus laat sterf. Dit is die offer waarmee God die sonde versoen van die mense wat in Christus glo. So het God gewys dat Hy altyd doen wat reg is. Die mense het sonde gedoen in die tyd voordat Christus gekom het, maar God het hulle nie gestraf nie.

26Hy het die mense nie gou gestraf nie, Hy het gewag tot nou toe om te wys dat Hy mense vryspreek. So wys Hy dat Hy altyd doen wat reg is, Hy wat elke mens vryspreek wat in Jesus glo.

27Mense mag nie trots wees op hulleself en spog omdat hulle doen wat die wette sê nie, want God spreek hulle nie daaroor vry nie. Hy spreek hulle vry omdat hulle glo.

28Ja, ons weet God spreek mense vry omdat hulle glo, nie omdat hulle doen wat die wette sê nie.

29God is nie net die God van die Jode nie, Hy is ook die God van die heidene.

30Daar is net een God. Hy sal die mense wat besny is, vryspreek omdat hulle glo, en Hy sal die mense wat nie besny is nie, ook vryspreek omdat hulle glo.

31Ons sê mense moet glo in Christus. Daarom sê party mense ons sê God se wette beteken niks. Dit is nie waar nie! Nooit nie! God se wette is vir ons belangrik.

Romeine 4

Abraham het in God geglo

1Wat het gebeur met Abraham, die voorvader van die Jode?

2As die dinge tussen Abraham en God reg was omdat Abraham die regte dinge gedoen het, dan kon Abraham trots wees op homself wanneer hy by mense is, maar nie wanneer hy voor God staan nie.

3Want in die Ou Testament is geskryf: Abraham het God geglo, en God het hom vrygespreek van sy sonde.

4As mense dinge moet doen sodat God hulle moet vryspreek, dan is dit dieselfde soos wanneer hulle werk en iemand betaal hulle daarvoor. Hulle kry die betaling omdat hulle gewerk het en nie omdat die man vir wie hulle werk, goed wil wees vir hulle nie.

5Maar God spreek mense vry, nie omdat hulle dinge doen nie, maar omdat hulle glo. Hulle glo in Hom wat sondaars vryspreek.

6Dawid sê ook dat party mense gelukkig is omdat God hulle vryspreek, nie omdat hulle die regte dinge doen nie.

© Bible Society of South Africa.

7Dawid skryf: Mense doen verkeerde dinge, maar die Here vergewe hulle. Hulle
doen sonde, maar die Here neem hulle sonde weg, daarom is hulle gelukkige mense.

8Hulle is gelukkige mense, want die Here het hulle sonde vergewe.

9Wie is die mense wat gelukkig is? Die mense wat besny is, is gelukkig, maar die
mense wat nie besny is nie, is ook gelukkig. Want ek het voorheen gesê dat God vir
Abraham vrygespreek het omdat hy geglo het.

10Wanneer het God vir Abraham vrygespreek? Toe Abraham besny was of vóórdat
hy besny was? God het vir Abraham vrygespreek voordat Abraham besny is.

11Abraham het geglo voordat hy besny is. Hy is later besny, en toe was sy besnydenis
'n teken dat God hom vrygespreek het omdat hy glo. Daarom is Abraham
die voorvader van al die mense wat nie besny is nie, maar wat glo. God spreek hulle
almal vry omdat hulle glo.

12En Abraham is ook die voorvader van al die mense wat besny is en wat ook glo
soos Abraham geglo het voordat hy besny is.

13God het vir Abraham en sy nageslag belowe dat die wêreld aan hulle sal behoort.
God het dit nie belowe omdat Abraham gedóén het wat God se wette sê nie, God
het dit belowe omdat Abraham gegló het en omdat God hom toe vrygespreek het.

14As mense moet doen wat die wette sê sodat hulle kan kry wat God vir hulle belowe
het, dan help dit nie dat hulle glo nie. Dit help ook nie dat God vir hulle iets belowe
het nie.

15Wanneer mense ongehoorsaam is aan God se wette en hulle doen sonde, dan sal
God hulle straf, maar as daar nie wette is nie, dan kan mense nie ongehoorsaam
wees aan die wette en sonde doen nie.

16Daarom, God belowe iets en Hy gee dit vir mense omdat hulle glo, want Hy wil
goed wees vir hulle. Hy wil ook hê hulle moet seker wees dat hulle sal kry wat Hy vir
hulle belowe het. Hy belowe dit nie net vir die mense wat doen wat die wette sê nie,
maar ook vir mense wat glo soos Abraham geglo het, Abraham wat ons almal se
voorvader is.

17Want God het vir Abraham gesê: Ek het jou die voorvader van baie volke gemaak.
Abraham het naby God gelewe en hy het in God geglo, God wat dooie mense weer
laat lewe en wat dinge maak, dinge wat voorheen nie daar was nie.

18Niemand het gedink Abraham sal die voorvader van baie nasies kan word nie, maar
Abraham het geglo dit sal gebeur, want God het vir hom gesê: Jou nageslag sal groot
wees.

19Abraham was omtrent 100 jaar oud en hy het geweet hy is naby die dood. Hy het
ook geweet Sara kan nie kinders kry nie. Maar sy geloof het sterk gebly.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Hy het nie opgehou glo nie. Hy het aangehou glo dat God vir hom sal gee wat Hy belowe het. Sy geloof het sterker geword. Abraham het vir God geprys

21en hy het baie seker geweet dat God kan doen wat Hy belowe het.

22Daarom het God vir Abraham vrygespreek.

23Daar is geskryf dat God hom vrygespreek het, maar dit is nie net vir Abraham geskryf nie,

24dit is ook vir ons geskryf. God sal vir ons ook vryspreek, vir ons wat glo in God wat vir Jesus, ons Here, weer laat lewe het.

25God het vir Jesus laat sterf omdat ons sonde gedoen het, en God het vir Jesus weer laat lewe omdat God ons wou vryspreek.

Romeine 5

God is baie goed vir die mense wat Hy vrygespreek het

1God het ons vrygespreek omdat ons in Christus glo. Nou is daar vrede tussen ons en God, want ons Here Jesus Christus het vrede gemaak tussen ons en God.

2En Christus help vir ons wat glo, sodat ons elke dag kan weet dat God baie goed is vir ons. En ons is trots, want ons hoop en weet dat ons eendag by God, ons Koning, sal wees.

3Ons is ook trots wanneer ons swaarkry, want ons weet dat wanneer ons swaarkry, dan leer ons om geduldig te wees.

4En wanneer ons geduldig is, dan wys dit dat ons is soos God wil hê, en wanneer ons is soos God wil hê, dan hoop en weet ons dat God ons sal red.

5Ons weet ons sal kry wat ons hoop, want God het die Heilige Gees vir ons gegee, en die Heilige Gees maak ons harte vol met God se liefde.

6Christus het gesterf toe ons nog swak was. Ja, Hy het op die regte tyd gesterf om die sondaars te red.

7Niemand sal lus wees om te sterf om ’n ander mens te red nie, ook nie as daardie ander mens reg lewe nie. Ja, miskien sal daar iemand wees wat dapper is en lus is om te sterf om ’n goeie mens te red.

8Maar Christus het gesterf om ons te red toe ons sondaars was. Daarom weet ons dat God baie lief is vir ons.

9Christus het gesterf, en daarom het God ons vrygespreek. En daarom kan ons baie meer seker wees dat Christus ons ook sal red sodat God ons nie sal straf nie.

© Bible Society of South Africa.

10Ons was voorheen God se vyande, maar God se Seun het gesterf sodat alles reg
kan wees tussen ons en God. God het vir Christus weer laat lewe. Nou is alles reg
tussen God en ons, daarom kan ons baie meer seker wees dat Christus ons sal red.

11Ons weet dat Christus ons sal red en ons is ook baie trots, want ons Here Jesus
Christus het gesterf sodat alles reg kan wees tussen God en ons en sodat ons aan
God kan behoort.

Christus en Adam

12Daarom, een mens, Adam, het eerste sonde gedoen, en hy moes sterf. Van toe af
doen al die mense sonde, en hulle moet almal sterf.

13Die mense het sonde gedoen voordat God vir hulle sy wette gegee het, maar hulle
was nie skuldig nie, want hulle het nog nie die wette gehad nie.

14Hulle was nie skuldig nie, maar hulle het gesterf, van die tyd toe Adam gelewe het
tot die tyd toe Moses die wette van God vir die Israeliete gegee het. Die dood het
oor al die mense regeer. Die mense wat nie dieselfde sondes gedoen het wat Adam
gedoen het nie, het ook gesterf. Ja, Adam het sonde gedoen en gesterf, en dit het
gewys wat Christus moes kom doen, Christus, die Een wat later gekom het.

15God se genade is anders as die sonde en dit is sterker as die sonde. Een mens,
Adam, het sonde gedoen, en daarom het baie mense gesterf. Maar God se genade is
baie beter. Ja, God is baie goed, Hy het Een Mens, Jesus Christus, gegee, en dit is hoe
God genadig was vir baie meer mense.

16God se genade is nie soos Adam se sonde nie. Een mens, Adam, het sonde gedoen,
en God het gesê Adam het verkeerd gedoen, daarom sal God hom straf. Maar God se
genade is anders. Die mense het baie sondes gedoen, maar toe het God se genade
gekom, God was goed vir die mense en Hy het hulle vrygespreek.

17Een mens, Adam, het sonde gedoen, en van toe af het die mense gesterf. Die dood
het oor hulle regeer. Maar God se genade is baie beter, Hy is baie goed vir mense en
Hy spreek hulle vry. Hulle sal vir altyd lewe en regeer, want Een Mens, Jesus Christus,
het hulle gered.

18Een mens, Adam, het sonde gedoen, en daarom moes God al die mense straf.
Maar dit was ook Een Mens, Christus, wat gedoen het wat God wil hê, en daarom
spreek God al die mense vry en laat Hy hulle lewe.

19Een mens, Adam, was ongehoorsaam, en toe het baie mense sondaars geword.
Maar dit was ook Een Mens, Christus, wat gehoorsaam was, en daarom sal God baie
mense vryspreek.

20Die wette het gekom sodat die sondes meer kan word. Maar toe die sondes meer
geword het, het God se genade ook baie meer geword.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Die sonde het oor die mense regeer, dit het hulle laat sterf. Maar nou regeer God se genade oor ons. Jesus Christus ons Here red ons, en daarom spreek God ons vry en gee Hy vir ons die ewige lewe.

Romeine 6

Sonde kan ons nie oorwin nie

1Wanneer ons sê ons moet aanhou sonde doen sodat God se genade meer kan word, is ons dan reg?

2Nee, nooit nie! Die sonde kan ons nie oorwin nie, ons is vir die sonde soos mense wat dood is. Daarom mag ons nie aanhou sonde doen nie.

3Julle moet dit weet: Ons is almal gedoop en ons behoort nou aan Christus Jesus. Hy het gesterf, en ons het saam met Hom gesterf.

4Ja, ons is gedoop, en daarom kan ons sê ons het saam met Christus gesterf en ons was saam met Hom in die graf. God, die Vader en Koning, het vir Christus weer laat lewe. So laat God ons ook lewe, ons is soos mense wat ’n nuwe lewe gekry het.

5Christus het gesterf, en ons het soos Hy gesterf, want Hy en ons het een geword. En God het vir Christus weer laat lewe. Christus en ons het een geword, en daarom weet ons dat God vir ons ook weer saam met Christus sal laat lewe.

6Ons weet dat ons ook gekruisig is toe Christus gekruisig is. Ons was mense wat graag sonde gedoen het, maar nou is ons nie meer so nie. Ja, ons is nie meer slawe van die sonde nie,

7want God het almal vrygespreek wat saam met Christus gesterf het.

8Christus het gesterf, en ons het saam met Hom gesterf. Daarom glo ons dat God vir Christus weer laat lewe het en dat ons ook saam met Christus sal lewe.

9Ja, God het vir Christus weer laat lewe, en ons weet dat Christus nooit weer sal sterf nie, want die dood is nie sterker as Hy nie.

10Hy het een maal gesterf, Hy kan nie weer sterf nie. Die sonde kan Hom nie oorwin nie, nooit nie. Hy lewe en Hy lewe nou vir God.

11Dit is dieselfde met julle: Julle moet weet dat die sonde ook nie vir julle kan oorwin nie, want julle is vir die sonde soos mense wat dood is. Maar nou lewe julle vir God, julle wat aan Christus Jesus behoort.

Gelowiges moet vir God dien

12Julle is vir die sonde soos mense wat dood is. Daarom moet julle nie tevrede wees dat die sonde oor julle liggame regeer nie, dit is liggame wat sal sterf. Ja, julle moenie die slegte dinge doen wat julle wil doen nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Julle moenie julle liggame gebruik om verkeerde dinge te doen nie, julle moenie die sonde dien nie. Nee, julle moet julle liggame gebruik om God te dien, want julle was dood, maar God het julle weer laat lewe. God het julle vrygespreek, daarom moet julle julle liggame gebruik om te doen wat reg is.

14Die sonde sal nie oor julle regeer nie, want dit is nie die wette wat oor julle regeer nie, dit is die genade van God wat oor julle regeer.

15Ja, die wette regeer nie oor ons nie, die genade van God regeer oor ons. Kan ons nou sê ons mag aanhou sonde doen? Nee, nooit nie!

16Julle moet dit weet: Wanneer julle doen wat ander mense vir julle sê, dan is julle soos slawe. Maar wanneer julle doen wat die sonde sê, dan is julle slawe van die sonde, en dan sal God julle vir altyd laat sterf. Wanneer julle doen wat God vir julle sê, dan is julle slawe van God, en dan sal God julle vryspreek.

17Ek sê vir God dankie, want julle was voorheen slawe van die sonde, maar nou is dit vir julle lekker om die dinge te doen wat julle geleer het.

18Die sonde regeer nie oor julle nie, God het julle vrygemaak van die sonde, en nou is julle God se slawe en julle doen nou wat reg is.

19Ek weet dit is nie maklik om te verstaan wat ek vir julle sê nie, en daarom gaan ek dit nou vir julle só verduidelik: Voorheen was julle slawe van die sonde, julle het julle liggame gebruik om meer en meer slegte dinge te doen, dinge wat teen God se wette is. Maar God het julle vrygespreek, julle is nou God se slawe. Daarom moet julle nou julle liggame gebruik om die regte dinge te doen. Dan sal julle heeltemal aan God gewy wees.

20Toe julle slawe van die sonde was, het die sonde oor julle regeer. Julle het nie gedoen wat God wil hê nie.

21Maar dit was nie goed vir julle nie. Julle het dinge gedoen waaroor julle nou skaam is. As julle aangehou het om daardie dinge te doen, dan sou God julle vir altyd laat sterf het.

22Maar nou het God julle vrygemaak van die sonde, en julle is God se slawe. Julle dien nou vir God en julle sal iets kry wat goed is: God sal julle heeltemal aan Hom wy en Hy sal vir julle die ewige lewe gee.

23As mense slawe van die sonde is, dan sal God hulle vir altyd laat sterf. Maar God is goed vir ons, Hy sal vir ons die ewige lewe gee, vir ons wat behoort aan Christus Jesus, ons Here.

Romeine 7

Die wette regeer nie oor die gelowiges nie

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1Vriende, ek weet julle ken God se wette. Julle weet dat die wette oor ’n mens
regeer terwyl hy lewe.

2Die wette sê dat ’n vrou wat getroud is, net haar eie man se vrou is terwyl hy lewe.
Maar wanneer haar man gesterf het, dan is sy vry, dit sê die wette.

3Die wette sê sy pleeg egbreuk wanneer sy ’n ander man se vrou word terwyl haar
man lewe. Maar wanneer haar man dood is, dan is sy vry, die wet regeer nie meer
oor haar nie. As sy daarna ’n ander man se vrou word, dan pleeg sy nie egbreuk nie.

4My vriende, dit is dieselfde met julle: Christus het gesterf, en julle het saam met
Hom gesterf. Daarom regeer die wette nie oor julle nie. Julle behoort nou aan
iemand Anders, julle behoort aan Christus. Christus was dood, maar God het Hom
weer laat lewe. Daarom kan ons nou almal lewe soos God wil hê.

5Voorheen het ons gelewe soos mense graag lewe. Ons het God se wette geken, en
daarom het ons lus geword om sonde te doen. Ons het ons liggame gebruik om
dinge te doen wat ons laat sterf.

6Die wette het ons vasgehou, maar nou is ons soos mense wat dood is, ons hoor nie
wat die wette sê nie. Ons dien nou vir God soos die Heilige Gees vir ons sê om te
doen, nie soos ons voorheen gedoen het nie, want die wette regeer nie meer oor ons
nie.

Die sonde gebruik God se wette

7Is dit reg wanneer ons sê God se wette is sonde? Nee, nooit nie! Ek ken God se
wette, en daarom weet ek wat sonde is. God se wette sê: “ Jy mag nie iemand anders
se goed vir jouself wil hê nie,” en daarom weet ek dat ek dit nie mag doen nie.

8Maar die sonde gebruik daardie wet en maak my dan baie lus om ander mense se
goed te hê. As daar nie wette was nie, dan kon die sonde my nie lus maak om slegte
dinge te doen nie.

9Voorheen, toe ek nie God se wette geken het nie, het ek gelewe, maar toe ek die
wette leer ken het, het die sonde in my begin lewe,

10en ek was soos ’n mens wat gesterf het. God het die wette gegee om my te laat
lewe, maar ek het uitgevind daardie wette maak my dood.

11Want die sonde het God se wette gebruik en dit het my iets laat glo wat nie waar is
nie. Ja, die sonde het die wette gebruik om my dood te maak.

12Daarom, die wette is God se wette. God gee elke wet, en elke wet is reg en goed.

13Mag ons dan sê die wette wat goed is, het my doodgemaak? Nee, nooit nie! Dit is
die sonde wat my doodgemaak het. Die sonde gebruik God se goeie wette om my
dood te maak sodat almal kan weet wat die sonde is. Ja, die sonde gebruik die wette,
en so word die sonde altyd meer.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Ons weet dat die Heilige Gees die wette gegee het, maar ek is ’n mens, ek doen slegte dinge, ek is ’n slaaf van die sonde.

15Ek verstaan nie wat ek doen nie. Ek wil goeie dinge doen, maar dan doen ek dit nie. Ek doen slegte dinge, dinge wat ek haat.

16En wanneer ek dinge doen wat ek nie wil doen nie, dan besef ek dat die wette goed is.

17Want dit is nie ék wat die slegte dinge doen nie, dit is die sónde wat in my is.

18Ek weet daar is niks in my wat goed is nie. Ek wil graag goeie dinge doen, maar ek doen dit nie.

19Ja, ek doen nie die goeie dinge wat ek graag wil doen nie, maar ek doen die slegte dinge wat ek nie wil doen nie.

20En wanneer ek die slegte dinge doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie ek wat die slegte dinge doen nie, dit is die sonde wat dit doen, die sonde wat in my is.

21Ek het iets geleer wat altyd waar is: Ek wil graag die goeie dinge doen, maar die slegte dinge is altyd in my.

22Ek dink aan die wette van God en ek is baie lief vir hulle.

23Maar daar is ook ander wette in my, en hierdie ander wette baklei teen die wette van God. Ek weet sy wette is reg. Maar die wette wat in my is, het my gevang, hulle regeer oor my en hulle laat my slegte dinge doen met my liggaam.

24Daarom, dit gaan baie sleg met my! Die lewe wat ek nou lewe, bring my by die dood! Wie sal my daarvan red?

25Dit is God wat my red, en ek sê vir Hom dankie, Hy gebruik vir Jesus Christus ons Here om my te red. Ja, ek wil graag ’n slaaf van God wees, ek wil doen wat Hy sê. Maar ek is ’n mens, ek is ’n slaaf van die sonde, en daarom doen ek wat die sonde vir my sê.

Romeine 8

Die Heilige Gees help gelowiges om te doen wat God wil hê

1As mense aan Christus Jesus behoort, dan straf God hulle nie.

2Mense wil altyd graag sonde doen, en sonde laat mense altyd sterf. Maar die Heilige Gees het jou vrygemaak en Hy help jou om altyd te doen wat God wil hê. Ja, die Heilige Gees laat jou waarlik lewe, jy wat aan Christus Jesus behoort.

3God self het gedoen wat sy wette nie kon doen nie, Hy het ons gered. Die wette kon dit nie doen nie omdat mense swak is. God het sy eie Seun gestuur en God het Hom

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

’n mens laat word, ’n mens soos die mense wat sonde doen, en God het vir Hóm gestraf. So het God die sonde gestraf wat oor die mense regeer het.

4Nou kan ons regtig doen wat die wette sê, want ons doen nie die slegte dinge wat mense graag doen nie, ons doen wat die Heilige Gees sê ons moet doen.

5Die mense wat die dinge doen wat hulle wil doen, dink altyd oor wat húlle wil doen, en wat hulle wil doen, is slegte dinge. Maar die mense wat na die Heilige Gees luister, dink altyd aan die dinge wat die Heilige Gees wil hê hulle moet doen.

6Daar is mense wat altyd dink oor die dinge wat húlle graag wil doen, slegte dinge. God sal hulle vir altyd laat sterf. Maar daar is mense wat altyd dink aan die dinge wat die Heilige Gees wil hê hulle moet doen. God sal hulle vir altyd laat lewe en Hy sal vir hulle vrede gee.

7Mense wat altyd dink aan die dinge wat húlle graag wil doen, is God se vyande. Hulle luister nie na God se wette nie, hulle kan nie.

8Die mense wat altyd doen wat húlle graag wil doen, kan nie doen wat God wil hê nie.

9Maar julle doen nie wat julle self wil doen nie, want die Heilige Gees is in julle harte en julle luister na die Heilige Gees, die Gees van God. Mense wat nie die Heilige Gees, die Gees van Christus, in hulle harte het nie, behoort nie aan Christus nie.

10Julle liggame sal sterf omdat die sonde in die wêreld gekom het. Maar nou is Christus in julle, God het julle vrygespreek en die Heilige Gees laat julle waarlik lewe.

11Jesus het gesterf, maar God het Hom weer laat lewe, en God se Gees woon nou in julle harte. Daarom, Christus het gesterf, maar God het Hom weer laat lewe en God sal eendag ook vir julle weer laat lewe, julle wie se liggame nog sal sterf, maar wat God se Gees in julle harte het.

12Vriende, ons moet reg lewe. Ons moenie die dinge doen wat mense self graag doen nie, dit is slegte dinge.

13As julle lewe soos julle self graag wil lewe, dan sal God julle vir altyd laat sterf. Maar as julle na die Heilige Gees luister en julle doen nie wat julle liggame wil hê nie, dan sal God julle vir altyd laat lewe.

14Want as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan is hulle kinders van God.

15God het vir julle die Heilige Gees gegee. Daarom is julle nie soos slawe nie, julle moenie bang wees vir God nie. Nee, God het julle aangeneem, julle is nou sy kinders, en die Heilige Gees help ons om vir God te sê “Vader.”

16Ja, die Heilige Gees help ons om baie seker te weet dat ons God se kinders is.

© Bible Society of South Africa.

17Ons is God se kinders, en daarom sal God ook vir ons gee wat Hy vir ons belowe het. Ja, ons sal saam met Christus alles kry wat God gee. Maar dan moet ons saam met Christus swaarkry, sodat ons soos Christus kan wees, Christus wat Koning is.

God sal vir gelowiges iets gee wat baie wonderlik is

18Ons kry nou baie swaar, maar ek weet God sal eendag vir ons iets gee wat baie beter is. Hy sal vir ons iets gee wat baie wonderlik is, en ons sal dit sien.

19Want God het alles gemaak, en alles wag en hoop dat die dag sal kom wanneer God vir almal sal wys wie sy kinders is.

20God het alles gemaak, maar alles wat Hy gemaak het, is nou swak en sleg. Dit het nie self so geword nie, God het gesê dit moet so word. Maar alles wag

21om weer vry te word van alles wat dit swak en sleg laat word het. God sal alles verander wat Hy gemaak het, en dit sal so vry en belangrik wees soos die kinders van God.

22God het alles gemaak, en ons weet dat alles wat Hy gemaak het, nou swaarkry en sug soos ’n vrou wanneer sy ’n kind kry.

23Maar dit is nie net dit wat gebeur nie, ons self sug ook, ons wat die Heilige Gees het wat God vir ons gegee het sodat ons kan weet dat God vir ons alles sal gee wat Hy belowe het. Ja, ons wag en hoop dat God ons sal aanneem om sy kinders te wees, ons hoop dat Hy ons heeltemal vry sal maak.

24God het ons gered, daarom hoop ons dat iets met ons sal gebeur. Dit het nog nie gebeur nie. Wanneer iets met mense gebeur het, dan hoop hulle nie dat dit sal gebeur nie, want dit het klaar gebeur.

25Maar ons hoop dat daar iets met ons sal gebeur, iets wat nog nie gebeur het nie. Daarom hoop ons en hou ons aan om daarvoor te wag.

26Die Heilige Gees help ons ook wanneer ons bid. Ons kan nie bid soos God wil hê ons moet bid nie, want ons is swak, maar wanneer die Gees by God kla en sug, dan sê Hy vir God dinge wat mense nie self kan sê nie.

27God weet alles wat mense dink en Hy weet ook wat die Heilige Gees dink. God weet die Gees doen wat God wil hê, en die Gees sê vir God wat die mense bid, die mense wat aan God behoort.

God is baie lief vir die gelowiges

28Ons weet dat wanneer mense lief is vir God, dan is alles wat met hulle gebeur, goed vir hulle. God laat dit so gebeur, want Hy het lank gelede besluit om hulle te kies om aan Hom te behoort.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29God het besluit dat hulle aan Hom moet behoort, Hy het dit gedoen voordat Hy iets gemaak het. Hy het besluit hulle sal wees soos sy Seun, want God wou hê dat Christus sy belangrikste Kind moet wees, die Oudste Broer van God se baie kinders.

30Ja, God het besluit hulle moet sy kinders wees. God het ook vir hulle gesê hulle behoort aan Hom, Hy het hulle ook vrygespreek, Hy het hulle ook baie belangrik gemaak.

31Ons weet dit nou alles. Ons weet dat God by ons is, daarom is ons vir niemand bang nie.

32God het nie gekeer toe sy eie Seun swaargekry het nie, God het sy Seun gegee en Hy het sy Seun laat sterf om ons almal te red. Daarom weet ons dat God baie goed is vir ons en dat Hy nog baie ander goeie dinge vir ons sal gee.

33God het ons gekies om aan Hom te behoort. Nou kan niemand sê dat ons skuldig is nie, want God het ons vrygespreek.

34Niemand kan sê God moet ons straf nie, want Christus het gesterf, maar God het Hom weer laat lewe, en nou sit Hy op die belangrikste plek langs God in die hemel en Hy vra vir God om ons sonde te vergewe.

35Kan iemand keer dat Christus lief is vir ons? Nee, nooit nie! Niemand kan dit keer nie, nie wanneer ons swaarkry nie, nie wanneer ons bang is nie, nie wanneer mense ons verdruk nie, nie wanneer ons honger is nie, nie wanneer ons niks klere het nie, nie wanneer ons vyande het nie, nie wanneer mense ons wil doodmaak nie.

36Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Mense hou aan om ons dood te maak omdat ons aan U behoort. Hulle maak of ons slagskape is.

37God is lief vir ons, daarom wen ons altyd wanneer al hierdie slegte dinge met ons gebeur.

38-39Ek weet één ding: God is lief vir ons. Christus Jesus, ons Here, het dit vir ons gewys. Daar is niks wat God se liefde kan wegvat van ons nie, nie die dood nie, niks wat lewe nie, nie engele nie, niemand en niks wat oor die wêreld wil regeer nie, niks wat nou daar is nie, niks wat later daar sal wees nie, niks wat sterker as mense is nie, niks bokant die aarde en niks onder die aarde nie, niks en niemand nie!

Romeine 9

Paulus is baie hartseer oor die Jode wat nie in Christus glo nie

1Ek behoort aan Christus, en die Heilige Gees help my om te weet wat reg is en wat verkeerd is. Daarom praat ek die waarheid, ek lieg nie wanneer ek vir julle sê

2dat ek baie hartseer is en dat ek nooit ophou treur oor my mense nie.

© Bible Society of South Africa.

3Hulle is my broers, my eie mense. As God húlle sal red, dan sal ek tevrede wees as Hy mý vervloek en mý van Christus wegneem.

4Ja, hulle is Israeliete, God het hulle aangeneem om sy kinders te wees, Hy het vir hulle gewys Hy is Koning, Hy het verbonde gemaak met hulle, Hy het sy wette vir hulle gegee, Hy het vir hulle gesê hoe hulle Hom moet dien, Hy het baie dinge vir hulle belowe.

5Hulle voorvaders was die belangrike voorvaders, almal weet wie hulle was. Die Christus was ook ’n Israeliet, Christus wat oor alles regeer. Hy is God, en ons moet Hom altyd prys. Amen.

God kies die mense wat Hy wil kies

6Julle moenie dink dat God iets belowe het en dit het nie gebeur nie. Julle moet weet dat baie Israeliete nie ware Israeliete is nie.

7En baie mense van die nageslag van Abraham is ook nie ware kinders van Abraham nie. Want in die Ou Testament is geskryf: Die nageslag van Isak sal jou nageslag wees.

8Dit beteken: Mense is nie kinders van God net omdat hulle die nageslag van Abraham is nie. Mense is kinders van God omdat Hy belowe het dat hulle sy kinders sal wees.

9Want God het vir Abraham belowe: Ek sal volgende jaar dieselfde tyd terugkom na jou toe. Dan sal jou vrou Sara ’n seun hê.

10Dieselfde het met Rebekka gebeur. Sy het twee kinders verwag, en een man, Isak, was hulle pa. Hy was ons voorvader.

11-12God het vir Rebekka gesê: Die oudste seun sal die jongste seun dien. God het dit gesê voordat die twee kinders gebore is en voordat hulle iets gedoen het wat goed of sleg is. Dit wys dat God self besluit wie Hy wil kies om sy kinders te wees. Hy kies hulle nie omdat hulle goeie dinge doen nie, Hy kies hulle omdat Hy besluit Hy wil hulle kies.

13Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Ek was lief vir Jakob, maar Ek het nie van Esau gehou nie.

14Mag ons nou sê dat God nie reg doen nie? Nee, nooit nie!

15Want God het vir Moses gesê: Ek besluit self vir wie Ek genadig en goed wil wees.

16Dit wys vir ons: God kies nie mense omdat hulle goeie dinge doen of wil doen nie. God kies mense omdat Hy goed wil wees vir hulle.

17Want in die Ou Testament sê God vir die farao: Ek het jou ’n koning laat word sodat Ek kan wys hoe sterk Ek is en sodat almal op die aarde kan weet wie Ek is.

© Bible Society of South Africa.

18 Ja, God doen wat Hy wil. Hy is goed vir party mense en Hy maak party mense
hardkoppig.

19 Jy sê nou miskien: “God doen wat Hy wil doen, en mense kan dit nie keer nie.
Hoekom is Hy ontevrede met dit wat ek doen?”

20 Maar jy moet onthou jy is net ’n mens en jy kan nie teen God praat nie. Dit is
dieselfde wanneer iemand iets maak. Daardie ding kan nie vir die persoon wat hom
gemaak het, vra “Hoekom het jy my só gemaak?” nie.

21 Jy kan ook dink aan ’n pottebakker. ’n Pottebakker kan enige iets van sy klei maak,
enige iets wat hy wil. Hy kan van dieselfde stuk klei een ding maak wat baie spesiaal
is en hy kan ’n ander ding maak wat nie spesiaal is nie.

22 God doen dieselfde: Daar is party mense vir wie God moes gestraf het, en Hy wou
hulle straf. God wou wys hoe sterk Hy is. Ja, Hy moes hulle gestraf het, Hy moes hulle
vir altyd laat sterf het, maar Hy was geduldig, Hy het hulle nie gestraf nie.

23 Hy het hulle nie gestraf nie, want Hy wou hê almal moet weet dat Hy, die Koning,
baie goed is vir die mense wat Hy gereedgemaak het om eendag ook soos konings te
wees.

24 Hy het ons ook gereedgemaak. Ja, God het ons gekies om aan Hom te behoort, Hy
het ons gekies uit die Jode en ook uit die heidene.

25 Dit is soos God in die boek Hosea sê: Ek sal vir Nie-My-Volk-Nie sê: “Julle is my
volk,” en Ek sal vir die mense sê vir wie niemand lief is nie: “Ek is lief vir julle.”

26 God het ook in die boek Hosea gesê: Ek het vir hulle gesê: “Julle is nie my volk
nie,” maar op daardie plek waar Ek dit gesê het, sal Ek vir hulle sê: “Julle is kinders
van die God wat lewe.”

27 En Jesaja skree en sê oor die Israeliete: Die Israeliete is so baie soos die sand van
die see, maar die Here sal min van hulle red, Hy sal die klein bietjie red wat oorbly,

28 want die Here sal die mense op die aarde straf, Hy sal dit gou doen.

29 Dit is ook wat Jesaja gesê het lank voordat dit gebeur het: Die Here wat oor alles
regeer, het ons nie almal laat sterf nie, Hy het ’n paar van ons laat oorbly. As Hy dit
nie gedoen het nie, dan was ons soos Sodom en Gomorra.

God red die mense wat in Christus glo

30 Daarom sê ek: Dit was vir die heidene nie belangrik dat God hulle moet vryspreek
nie. Maar God hét hulle vrygespreek omdat hulle in Christus glo.

31 Die Israeliete het probeer doen wat die wette sê sodat God hulle moet vryspreek.
Maar hulle het nie regtig gedoen wat die wette sê nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

32Hoekom nie? Hulle wou graag hê dat God hulle moet vryspreek, maar hulle wou
nie in Christus gló nie, hulle het net gedoen wat die wette sê. Hulle was soos mense
wat teen ’n klip gestamp het en geval het.

33Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Ek sit in Sion ’n klip waarteen
mense sal stamp, ’n rots waaroor hulle sal val. Daar is ook geskryf: Maar die mense
wat in Hom glo, sal wen, Hy sal hulle nie alleen los nie.

Romeine 10

1Vriende, ek wens en bid dat God die Israeliete sal red.

2Ek sê vir julle, en dit is seker: Hulle wil baie graag vir God dien, maar hulle weet nie
hoe nie.

3Hulle weet nie dat God mense vryspreek omdat hulle in Christus glo nie. Hulle wil
nie hê God moet hulle vryspreek soos Hy dit wil doen nie, hulle wil hê God moet
hulle vryspreek oor wat hulle self doen.

4Christus het gekom, en nou spreek God mense vry, maar Hy doen dit nie omdat
hulle doen wat die wette sê nie, Hy spreek hulle vry omdat hulle glo.

5Moses het geskryf oor mense wat doen wat God se wette sê sodat God hulle kan
vryspreek. Moses het gesê: Elkeen wat doen wat die wette sê, sal lewe omdat hy dit
gedoen het.

6Maar ons lees dat mense moet glo sodat God hulle kan vryspreek. Daar is
geskryf: Jy moenie vir jouself vra wie sal opgaan na die hemel nie. Dit beteken ons
moenie opgaan na die hemel en vir Christus afbring na die aarde nie.

7Daar is ook geskryf: Jy moenie vir jouself vra wie sal afgaan na onder die aarde nie.
Dit beteken ons moenie afgaan na die mense wat dood is om vir Christus te gaan
haal nie.

8Nee, daar is geskryf: Die boodskap van God is naby jou, dit is in jou mond en in jou
hart. Daardie boodskap is die boodskap dat ons moet glo. Dit is die boodskap wat
ons vir julle bring.

9As jy met jou mond sê jy glo Jesus is die Here, en as jy in jou hart glo dat God Hom
weer laat lewe het, dan sal God jou red.

10Want ons glo in ons hart, en daarom spreek God ons vry. En ons sê met ons mond
dat ons glo, daarom red God ons.

11Want in die Ou Testament is geskryf: Die mense wat in Hom glo, sal wen, Hy sal
hulle nie alleen los nie.

© Bible Society of South Africa.

12Ja, Hy spreek almal vry wat glo, dit maak nie saak wie hulle is nie, Jode of mense wat nie Jode is nie. Hy is Here van almal en Hy is baie goed vir almal wat vir Hom vra dat Hy hulle moet red.

13Want in die Ou Testament is geskryf: Die Here red almal wat tot Hom bid en wat vra Hy moet hulle red.

14Maar mense kan net vir die Here vra dat Hy hulle moet red as hulle in Hom glo. En hulle kan net in die Here glo as hulle van Hom gehoor het. En hulle kan net van die Here hoor as iemand vir hulle preek.

15En mense kan net gaan preek as iemand anders hulle stuur om te gaan preek. Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Dit is mooi wanneer iemand kom en goeie nuus bring.

16Maar die Israeliete het nie almal geglo nie. Daarom vra Jesaja: Here, wie het ons boodskap geglo?

17Mense kan net glo as hulle die boodskap gehoor het, en die boodskap wat hulle moet hoor, is die boodskap oor Christus.

18Ek vra: Het die Israeliete die boodskap gehoor? Ja, hulle hét dit gehoor, dit is seker, want in die Ou Testament is geskryf: Hulle boodskap het gekom by al die mense op die aarde, die dinge wat hulle sê, het gekom by al die mense van die wêreld.

19Ek vra: Het die Israeliete die boodskap verstaan? Ja, hulle hét dit verstaan, want Moses het lank gelede gesê dat God sê: Ek sal julle jaloers maak op ’n volk wat nie regtig ’n volk is nie, en Ek sal julle kwaad maak vir ’n volk wat niks verstaan nie.

20En later het Jesaja dit reguit gesê. Hy het gesê dat God sê: Ek het mense na My toe laat kom wat My nie gesoek het nie, Ek het verskyn aan mense wat nie gevra het waar Ek is nie.

21Maar God sê oor die Israeliete: Ek het my hande uitgesteek na hulle toe, elke dag, maar hulle was ongehoorsame en hardkoppige mense.

Romeine 11

God sal doen wat Hy belowe het

1Iemand sal miskien vra: “Het God sy volk gelos?” Nee, nooit nie. Julle moet onthou, ek is ook ’n Israeliet, ek is van die nageslag van Abraham. Ek behoort aan die Benjamin-stam.

2God het nie sy volk gelos nie. Hy het hulle gekies om aan Hom te behoort. Hy het hulle gekies voordat Hy alles gemaak het. Julle moet onthou wat die Ou Testament oor Elia sê. Elia het by God gekla oor die Israeliete. Elia het gesê:

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3“ Here, die Israeliete het u profete doodgemaak, en hulle het u altare afgebreek. Ek het alleen oorgebly. En nou wil hulle my ook doodmaak.”

4Maar God het vir Elia gesê: “ Ek het vir My 7 000 mense laat oorbly wat nie hulle knieë gebuig het en vir Baäl aanbid het nie.”

5God het nou ook mense laat oorbly. Dit is die mense wat Hy gekies het om aan Hom te behoort omdat Hy baie goed wil wees vir hulle.

6God het hulle gekies omdat Hy baie goed wil wees vir hulle, nie omdat hulle goeie dinge gedoen het nie. As God hulle gekies het omdat hulle goeie dinge gedoen het, dan is dit nie regtig genade nie.

7Dit beteken: Die Israeliete wou hê God moet hulle vryspreek, maar Hy het dit nie gedoen nie. Hy het party mense gekies en Hy het hulle vrygespreek, maar Hy het die ander mense hardkoppig gemaak.

8Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: God het hulle mense gemaak wat niks kan doen nie, Hy het vir hulle oë gegee wat nie sien nie en ore wat nie hoor nie. Dit is vandag nog dieselfde.

9En Dawid sê in die Ou Testament: U moet hulle straf daar by hulle offer-etes, U moet hulle laat val soos voëls in vangnette val. Hulle moet val en seerkry, U moet hulle straf.

10U moet hulle blind maak sodat hulle nie kan sien nie. U moet elkeen se rug krom maak sodat hulle nooit weer kan loop nie.

11Die Israeliete het sonde gedoen toe hulle nie in Christus geglo het nie. Nou vra ek: Is hulle heeltemal verlore? Nee, nooit nie! Die Israeliete het sonde gedoen, maar omdat hulle sonde gedoen het, het God die heidene gered. Hy het dit gedoen sodat die Israeliete jaloers kan word.

12Ja, die Israeliete het sonde gedoen, en daarom het die ander mense in die wêreld al die goeie dinge gekry wat God wil gee. Die Israeliete het al die goeie dinge verloor, en die heidene het al die goeie dinge gewen. Nou moet julle dit weet: Wanneer God al die Israeliete red wat Hy wil red, dan sal die heidene nog baie meer goeie dinge kry.

13Ek sê vir julle, vir julle wat heidene is: Ek is ’n apostel en God het vir my die werk gegee om na die heidene toe te gaan. Ek doen hierdie werk baie goed

14en ek hoop die Israeliete word jaloers wanneer hulle sien dat God die heidene red. Dan kan God party van die Israeliete ook red.

15Toe God die Israeliete gelos het, het Hy die sonde weggeneem van ander mense in die wêreld. Nou is alles reg tussen die ander mense en God. Julle moet dit weet:

© Bible Society of South Africa.

Wanneer God die Israeliete weer aanneem om aan Hom te behoort, dan sal dit wees soos wanneer Hy dooie mense weer laat lewe.

16Wanneer iemand ’n stukkie van die deeg offer, dan behoort die hele stuk deeg aan God. En wanneer die wortel van ’n boom aan God behoort, dan behoort die takke van die boom ook aan God.

17God het die Israeliete gelos en Hy red julle wat heidene is. Dit is soos wanneer iemand takke van ’n mak olyfboom afbreek en dan takke van ’n wilde olyfboom inent op die mak olyfboom. Dan groei daardie wilde takke aan die mak olyfboom en hulle kry ook van die boom se wortel al die kos wat hulle nodig het.

18Julle wat heidene is, is soos die wilde takke, en die Israeliete is soos die mak takke. Die wilde takke mag nie dink hulle is beter as die mak takke nie, want die wilde takke lewe nie self nie, hulle kry hulle kos van die boom se wortel.

19Julle wat heidene is, sê miskien: “God het die mak takke afgebreek sodat Hy ons op die boom kon inent.”

20Ja, dit is waar. Maar julle moet onthou dat God die mak takke, die Israeliete, afgebreek het omdat hulle nie in Christus glo nie. Julle wat heidene is, het vasgegroei aan die boom omdat julle in Christus glo. Daarom moet julle nie hoogmoedig wees nie. Nee, julle moet vir God respekteer en Hom dien.

21Julle moet onthou God was nie jammer vir die mak takke nie en Hy sal miskien ook nie jammer wees vir julle nie.

22Julle moet weet God is baie goed, maar Hy is ook kwaai. Hy is kwaai met die mense wat nie in Christus glo nie en wat verlore gaan. God is baie goed vir julle, maar dan moet julle aanhou lewe soos mense wat weet dat God baie goed is vir hulle. As julle dit nie doen nie, dan sal God julle ook afkap van die boom soos Hy die mak takke afgekap het.

23As die Israeliete in Christus glo, dan sal God hulle weer aanneem om aan Hom te behoort. God kan dit doen.

24Julle wat heidene is, is soos takke van ’n wilde olyfboom. Wilde takke groei nie maklik op ’n mak olyfboom nie, maar God het vir julle afgekap en Hy het julle ingeënt op ’n mak olyfboom. Daarom sal dit vir God baie makliker wees om die Israeliete weer aan te neem, want hulle is soos die takke wat maklik weer vasgroei aan die boom van waar dit kom.

25Vriende, ek wil hê julle moet weet wat God voorheen besluit het en wat Hy nou vir ons gesê het. Julle moenie dink julle weet alles nie. Party Israeliete is nou hardkoppig en hulle wil nie in Christus glo nie. Dit sal so wees totdat God al die heidene gered het wat Hy wil red.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

26Dit is hoe God al die Israeliete sal red. Dit sal wees soos daar in die Ou Testament geskryf is: Die Redder sal uit Sion kom, Hy sal vir Jakob laat ophou om verkeerde dinge te doen.

27Ek maak ’n verbond met hulle, Ek vergewe hulle sondes.

28Die Israeliete het nie die goeie boodskap geglo nie. Daarom is hulle God se vyande en daarom is God goed vir julle wat heidene is. Maar God het die Israeliete gekies en Hy is lief vir hulle, want Hy het ’n verbond gemaak met hulle voorvaders.

29Wanneer God vir iemand genade gee, dan gee Hy dit vir altyd. Wanneer Hy mense kies, dan kies Hy hulle vir altyd.

30Voorheen was julle heidene, julle was nie gehoorsaam aan God nie. Die Israeliete was ook nie gehoorsaam nie, en nou is God vir júlle jammer.

31Nou sal dieselfde gebeur: Die Israeliete was nie gehoorsaam aan God nie, maar God sal weer goed wees vir hulle, want God was goed vir júlle.

32Almal, Israeliete en heidene, was ongehoorsaam, en God het hulle ongehoorsaam laat bly, want Hy wou jammer wees vir hulle almal.

33Die wysheid van God, alles wat Hy weet, alles wat aan God behoort, is meer as wat ons kan verstaan. Ons kan nie weet wat God besluit nie, ons kan nie uitvind wat Hy wil doen nie.

34 Wie mag vir die Here sê wat Hy moet dink? Wie mag vir Hom sê wat die regte dinge is wat Hy moet doen?

35 Of wie het eers vir die Here iets gegee sodat die Here dit dan weer vir hom moes teruggee?

36Die Here het alles en almal gemaak, alles en almal kom van Hom, en alles en almal moet Hom dien. Daarom moet ons die Here altyd prys. Amen.

Romeine 12

Hoe gelowiges moet lewe

1Vriende, God is baie goed vir julle. Daarom vra ek mooi vir julle: Julle moet vir God dien soos Hy wil hê julle moet Hom dien. Julle moet self offers wees vir Hom. Dit beteken: Julle moet reg lewe, julle moenie sonde doen nie, want julle behoort aan God. Julle moet goeie dinge doen, dinge waarvan God hou.

2Julle moenie wees soos die mense van hierdie wêreld nie. Julle moet vir God vra om julle te verander sodat julle die regte dinge sal dink. Dan sal julle dinge doen wat God wil hê julle moet doen, goeie dinge, dinge waarvan Hy hou, dinge wat heeltemal reg is.

Gelowiges moet hulle genadegawes reg gebruik

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

3God was baie goed vir my. Daarom sê ek vir elkeen van julle: Jy moenie dink jy is belangriker as wat jy regtig is nie. Jy moet verstandig dink oor jouself en oor alles. Julle moet onthou dit is God wat vir julle elkeen sê hoe julle Hom moet dien.

4Ons is soos ’n mens se liggaam. ’n Mens het een liggaam, maar die liggaam het baie dele, en elke deel doen iets anders.

5Dit is dieselfde met ons. Ons is baie mense, maar ons behoort aan Christus en daarom is ons soos een liggaam, ons behoort almal aan mekaar.

6God het genadegawes vir ons gegee, maar God het nie dieselfde genadegawes vir ons almal gegee nie. As party van ons die boodskappe van God vir die ander gelowiges kan bring, dan moet ons die regte boodskappe vir hulle bring.

7As party van ons die ander gelowiges kan dien, dan moet ons hulle dien. As party van ons vir die ander gelowiges kan leer, dan moet ons vir hulle leer.

8As party van ons vir die ander gelowiges kan help om reg te lewe, dan moet ons vir hulle help. As party van ons vir die ander gelowiges van ons eie goed en geld kan gee, dan moet ons baie gee. As party van ons leiers kan wees, dan moet ons hard werk om goeie leiers te wees. As party van ons goed kan wees vir mense wat swaarkry, dan moet dit vir ons lekker wees om dit te doen.

Gelowiges moet lief wees vir mekaar

9Julle moet waarlik lief wees vir mekaar. Julle moet slegte dinge haat en graag goeie dinge doen.

10Julle behoort aan Christus en aan mekaar, daarom moet julle lief wees vir mekaar. Julle moet eerste wees om ander mense te respekteer.

11Julle moenie lui wees nie, julle moet hard werk in die gemeente. Dit moet vir julle lekker wees. Julle moet die Here dien.

12Julle moet wys dat julle bly is, want julle weet dat die Here julle sal red. Wanneer julle swaarkry, dan moet julle geduldig wees. Julle moet aanhou bid.

13Party mense wat ook aan die Here behoort, het baie min goed. Julle moet van julle goed vir hulle gee. Julle moet vriendelik wees met vreemdelinge.

14Wanneer mense slegte dinge aan julle doen, dan moet julle vir die Here vra om goed te wees vir hulle, julle moenie vir Hom vra om hulle te straf nie.

15Wanneer ander mense bly is, dan moet julle saam met hulle bly wees. Wanneer hulle hartseer is, dan moet julle saam met hulle hartseer wees.

16Julle moet altyd gereed wees om saam te werk met mekaar. Julle moenie dink dat julle baie belangrik is en dat julle nie by mense kan wees wat nie so belangrik soos julle is nie. Julle moenie dink julle weet alles nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Wanneer mense slegte dinge aan julle doen, dan moet julle nie ook slegte dinge aan hulle doen nie. Julle moet goeie dinge doen. Al die mense moet dink dit is goeie dinge.

18Julle moet baie hard probeer om in vrede te lewe met ander mense.

19Liewe vriende, wanneer mense slegte dinge aan julle doen, dan moet julle nie self vir hulle straf nie. Julle moet wag, God sal hulle straf, want in die Ou Testament is geskryf: Die Here sê: Dit is Ék wat mense sal straf oor wat hulle verkeerd gedoen het.

20Maar daar is ook geskryf: Wanneer jou vyande honger is, dan moet jy vir hulle kos gee om te eet, en wanneer hulle dors is, dan moet jy vir hulle iets gee om te drink. As jy dit doen, dan sal hulle baie skaam word, hulle sal nie meer jou vyande wil wees nie.

21Jy moenie dat slegte dinge jou oorwin nie. Jy moet goeie dinge doen, sodat jý die slegte dinge kan oorwin.

Romeine 13

Die gelowiges en die regering

1Elke mens moet gehoorsaam wees aan die regering wat oor hom regeer, want God het elke regering gekies en aangestel. Elke regering kom van God.

2Wanneer iemand ongehoorsaam is aan die regering, dan is hy ongehoorsaam aan die regering vir wie God gekies en aangestel het. En God sal almal straf wat ongehoorsaam is aan die regering.

3Wanneer iemand goeie dinge doen, dan kan hy weet hy moenie bang wees vir die regering nie, maar wanneer hy slegte dinge doen, dan moet hy bang wees. As jy nie bang wil wees vir die regering nie, dan moet jy goeie dinge doen. Dan sal die regering jou prys.

4Die regering werk vir God, en dit is goed vir jou. Wanneer jy slegte dinge doen, dan moet jy bang wees vir die regering, want dan moet die regering jou straf. Die regering werk vir God en die regering moet almal straf wat slegte dinge doen.

5Daarom moet jy gehoorsaam wees aan die regering. Jy moet gehoorsaam wees omdat jy bang is dat die regering jou sal straf, maar jy moet ook gehoorsaam wees omdat jy self weet dit is die regte ding om te doen.

6Julle betaal belasting, want die regering werk vir God en hulle moet belasting bymekaarmaak.

7Julle moet vir die regering alles doen wat julle vir hulle moet doen. Wanneer julle belasting moet betaal, dan moet julle dit betaal. Wanneer julle tol moet betaal, dan

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

moet julle dit betaal. Julle moet bang wees vir almal vir wie julle bang moet wees, julle moet almal respekteer vir wie julle moet respekteer.

Dit is baie belangrik om lief te wees vir mekaar

8Julle moenie vir mekaar iets skuld nie, maar julle moet lief wees vir mekaar, want wanneer julle lief is vir ander mense, dan doen julle alles wat God se wette vra.

9Al die wette, " Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie iemand vermoor nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie iemand anders se goed vir jouself wil hê nie" en ook al die ander wette, beteken " Jy moet lief wees vir jou naaste, so lief soos jy vir jouself is."

10As jy lief is vir jou naaste, dan sal jy nooit slegte dinge aan hom doen nie. Daarom, as jy lief is vir jou naaste, dan doen jy alles wat die wette vra.

11Julle weet die belangrike tyd is naby, die tyd wanneer Christus weer kom. Julle moet gereed wees, julle moenie wees soos mense wat slaap nie. Want die tyd wanneer Christus sal kom om ons te red, is nou nader as toe ons in Hom begin glo het.

12Mense weet dat dit lig word wanneer die nag verby is. So weet ons ook dat ons nie meer lank sal wag nie, dan sal Christus kom. Daarom moet ons nie mense van die nag wees nie, ons moenie slegte dinge doen nie. Ons moet mense van die lig wees, ons moet goeie dinge doen.

13Ons moet reg lewe soos mense van die lig, ons moenie te veel eet nie en ons moenie dronk word nie, ons moenie onsedelik lewe en net doen wat ons wil doen nie, ons moenie aanhou stry en jaloers wees nie.

14Julle behoort aan die Here Jesus Christus, daarom moet julle weet Hy is nou baie naby aan julle, so naby soos die klere wat julle aantrek. Julle moenie die slegte dinge doen wat mense graag wil doen nie, nooit nie.

Romeine 14

Gelowiges moet reg doen aan mekaar

1Daar is gelowiges wat twyfel, hulle geloof is swak. Julle moet hulle aanvaar. Hulle dink miskien anders as julle oor party dinge en hulle dink hulle is reg. Julle moenie met hulle daaroor stry nie.

2Party gelowiges glo 'n mens mag alles eet. Maar party gelowiges se geloof is swak, en hulle dink 'n mens mag net groente eet.

3Die gelowiges wat alles eet, moenie dink dat die ander gelowiges nie belangrik is nie, die gelowiges wat nie alles eet nie. Die gelowiges wat nie alles eet nie, moenie sê die gelowiges wat alles eet, doen verkeerd nie, want God het die gelowiges wat alles eet, ook aanvaar.

© Bible Society of South Africa.

4Dit is nie júlle wat mag besluit of ’n ander man se slaaf reg of verkeerd doen nie, sy eienaar besluit dit. Daarom, die gelowiges wat alles eet, doen reg, want dit is die Hére wat hulle reg laat doen, Hy kan dit doen.

5Daar is gelowiges wat dink een dag in die week is belangriker as die ander dae, en daar is ander gelowiges wat dink al die dae in die week is dieselfde. Maar hulle almal moet in hulle harte baie seker wees dat dit wat hulle dink, reg is.

6Hulle wat dink een dag in die week is belangriker as die ander dae, doen dit om die Here te dien. En die gelowiges wat alles eet, doen dit om die Here te dien, en hulle sê vir God dankie. En die gelowiges wat net groente eet, doen dit om die Here te dien, en hulle sê vir God dankie.

7Ons lewe nie om onsself te dien nie en ons sterf nie om onsself te dien nie.

8Wanneer ons lewe, dan lewe ons om die Here te dien. En wanneer ons sterf, dan sterf ons om die Here te dien. Ja, wanneer ons lewe, dan behoort ons aan die Here, en wanneer ons sterf, dan behoort ons aan die Here.

9Christus het gesterf, en Hy het weer begin lewe sodat Hy kan regeer oor almal, almal wat dood is en almal wat lewe.

10Jy moenie sê die ander gelowiges doen verkeerd nie. En jy moenie dink die ander gelowiges is onbelangrik nie. Jy moet onthou: God sal ons almal eendag oordeel wanneer ons voor sy regterstoel staan.

11Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Die Here sê: Ek het dit vir Myself belowe, Ek het gesê: Elke knie sal voor My buig, elke mens sal sê hy weet Ek is God.

12Dit beteken: Elkeen van ons sal self vir God moet antwoord oor alles wat ons gedoen het.

13Die gelowiges wat ’n sterk geloof het, moet ophou sê die gelowiges wat ’n swak geloof het, doen verkeerd. En die gelowiges wat ’n swak geloof het, moet ophou sê die gelowiges wat ’n sterk geloof het, doen verkeerd. Ons moet besluit om nie dinge te doen wat ander gelowiges sonde laat doen of wat hulle laat ophou glo nie.

14Ek behoort aan die Here Jesus en daarom weet ek dat niks self onrein is nie, maar wanneer mense dink iets is onrein, dan is dit vir húlle onrein.

15Wanneer jy iets eet, en ander gelowiges hou nie daarvan dat jy dit eet nie, en dit maak hulle seer, dan lewe jy nie soos iemand wat lief is vir die ander gelowiges nie. Jy moenie iets eet as jy weet dit sal ander gelowiges vir altyd laat sterf nie, want Christus het gesterf sodat daardie gelowiges kan lewe.

16God is baie goed vir julle, julle moenie dat die ander mense sleg praat oor die goeie dinge wat julle gekry het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Want die dinge wat ons eet en drink, is nie belangrik daar waar God, die Koning, regeer nie. Dit is belangrik dat God ons vryspreek en dat Hy vir ons vrede gee en vir ons help om regtig bly te wees, ons almal wat die Heilige Gees het.

18As ons so vir Christus dien, dan is God tevrede met ons en dan sal ander mense ons respekteer.

19Daarom moet ons dinge doen wat help dat daar vrede is, dinge wat ander gelowiges help om hulle geloof sterk te maak.

20Die dinge wat julle eet en drink moenie vir julle so belangrik wees dat dit die goeie dinge verwoes wat God wil doen nie. Julle moet onthou: Al die kos is rein, maar wanneer julle iets eet, en dit laat 'n ander gelowige sonde doen, dan doen julle verkeerd om dit te eet.

21Dit is beter om nie vleis te eet of wyn te drink of iets anders te doen wat ander gelowiges sonde laat doen nie.

22Julle glo dat julle weet wat julle mag doen en wat julle nie mag doen nie. Dan moet julle dit nie vir almal vertel nie, net God moet dit weet. Die mense wat iets doen en dink hulle doen reg en voel hulle is nie skuldig nie, is gelukkige mense.

23Maar wanneer mense iets eet en hulle twyfel of hulle dit mag doen, dan doen hulle verkeerd. Hoekom? Want hulle doen iets, maar hulle glo nie dat dit reg is nie. Wanneer mense glo iets is nie reg nie maar hulle doen dit, dan is dit sonde.

Romeine 15

Gelowiges moet doen soos Christus gedoen het

1As ons geloof sterk is, dan moet ons die gelowiges help wie se geloof swak is. Ons moenie doen wat vir óns lekker is nie.

2Ons moet die dinge doen wat vir ons naaste lekker is, want dan doen ons wat goed is, en so word ons naaste se geloof sterker.

3Julle moet dit weet: Christus het ook nie net dinge gedoen wat lekker is vir Hom nie. Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Die mense wat vir U beledig, is die mense wat my beledig het.

4Want alles wat in die Ou Testament geskryf is, is voorheen geskryf om vir ons te leer, sodat ons kan aanhou glo. Dit is geskryf om ons te help en te bemoedig. Dan sal ons seker weet dat God ons sal red.

5Dit is God wat ons help om aan te hou glo en wat ons bemoedig. Ek bid dat Hy vir julle sal help om altyd gereed te wees om saam te werk met mekaar, dit is soos Christus Jesus dit wil hê.

© Bible Society of South Africa.

6Dan sal julle almal dieselfde daaroor dink en saam vir God prys, Hy wat die Vader van ons Here Jesus Christus is.

God wil al die mense red

7Julle moet mekaar aanvaar, soos Christus julle ook aanvaar het. Dan sal al die mense vir God prys.

8Ek sê vir julle: Christus het gekom om die Jode te dien sodat almal kon weet dat God doen wat Hy belowe het. God het goeie dinge belowe vir die voorvaders van die Jode, en Christus het kom wys dat God doen wat Hy vir hulle belowe het.

9Christus het ook gekom sodat die heidene God kan prys omdat God goed is vir hulle. Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Daarom, ek sal U prys sodat die heidene dit kan hoor, ek sal sing oor u Naam.

10En op ’n ander plek in die Ou Testament is geskryf: Julle heidene moet bly wees saam met die volk wat aan die Here behoort!

11In die Ou Testament is daar ook geskryf: Al die heidene moet die Here prys, al die mense moet Hom prys.

12En Jesaja sê: Die koning wat van die nageslag van Isai is, sal kom, en hy sal begin om oor die heidene te regeer, die heidene sal weet dat hy hulle sal red.

13God laat mense aanhou hoop. Ek bid dat Hy vir julle bly sal maak en dat Hy vir julle vrede sal gee, vir julle wat glo. Dan sal die Heilige Gees vir julle krag gee, en julle sal baie seker wees dat die dinge wat julle hoop, sal gebeur.

Paulus se werk

14Vriende, ek is baie seker dat julle baie goeie dinge doen vir mekaar, julle weet alles wat julle moet weet en julle kan vir mekaar leer om reg te lewe.

15Maar ek het op party plekke in hierdie brief baie reguit met julle gepraat. Party van julle sal nie daarvan hou nie, maar ek wil hê julle moet onthou wat God vir julle gedoen het. God was baie goed vir my

16en Hy het my gekies om vir Christus Jesus te werk. Hy het my na die heidene toe gestuur, en my werk is om vir hulle die goeie boodskap van God te bring. Wanneer die heidene in Christus glo, dan word hulle soos ’n offer wat ek vir God gee, en God sal die offer aanvaar. Die Heilige Gees het hulle aan God gewy.

17Ek behoort aan Christus Jesus en daarom is ek trots op alles wat ek vir God doen.

18Ek wil nie spog nie, ek sal net vertel van die dinge wat ek gedoen het omdat Christus vir my die krag gegee het om dit te doen. Hy het my gebruik sodat die heidene gehoorsaam kan word aan Hom. Ek het gedoen en gesê wat Christus wou hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

19 Die Heilige Gees het vir my krag gegee om tekens en wonderwerke te doen. Ja, ek
het klaar die goeie boodskap oor Christus oral vir die mense gebring, van Jerusalem
tot by die provinsie Illirikum.

20 Ek wil graag die goeie boodskap bring waar mense nog nie van Christus gehoor het
nie. Ek wil nie gaan preek waar ander mense klaar gepreek het nie.

21 Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Niemand het vir hulle van Hom
vertel nie, maar hulle sal Hom sien, hulle het nie van Hom gehoor nie, maar hulle sal
van Hom weet.

Paulus wil na Rome gaan

22 Ek het op baie plekke die boodskap van Christus gebring, en daarom kon ek nie na
julle toe kom nie.

23 Maar nou het ek hier op al die plekke die boodskap oor Christus gebring. Ek wou
voorheen na julle toe gegaan het

24 en ek wil nou na julle toe kom wanneer ek na die land Spanje gaan. Ja, ek hoop ek
sal julle kan besoek wanneer ek na Spanje gaan. Dan wil ek eers ’n tyd lank by julle
bly sodat ons by mekaar kan wees. Ek hoop julle sal dan vir my kan help sodat ek
verder kan gaan.

25 Maar ek gaan nou eers na Jerusalem. Ek gaan om die gelowiges in Jerusalem te
dien,

26 want die gelowiges in die provinsies Masedonië en Agaje het besluit om van hulle
geld te stuur vir die arm gelowiges in Jerusalem.

27 Die gelowiges in Masedonië en Agaje is heidene en die gelowiges in Jerusalem is
Jode. Nou stuur die heidene vir die Jode geld, en dit is reg, want die Heilige Gees het
vir die Jode baie goeie dinge gegee, en die heidene het ook daarvan gekry. Daarom is
dit reg dat die heidene vir die Jode van hulle geld stuur.

28 Wanneer ek hierdie werk klaar gedoen het, en wanneer ek die geld veilig vir die
gelowiges in Jerusalem gegee het, dan kom ek na julle toe en dan gaan ek verder na
Spanje.

29 Ek weet dat ek al die seën van Christus vir julle sal bring wanneer ek na julle toe
kom.

30 Vriende, ons behoort almal aan ons Here Jesus Christus, en die Heilige Gees help
ons om lief te wees vir mekaar. Daarom vra ek mooi vir julle, julle moet baie ernstig
saam met my bid dat God my sal help.

31 Daar is mense in die provinsie Judea wat nie in Christus glo nie, en hulle wil slegte
dinge doen aan my. Daarom moet julle bid dat God my sal beskerm teen hulle. Julle

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

moet ook bid dat God sal help dat die gelowiges in Judea tevrede sal wees met die werk wat ek daar gaan doen.

32As God dit wil hê, sal ek dan na julle toe kom, en ek sal bly wees. Dit sal vir my baie lekker wees om by julle te wees en daar by julle te rus.

33Ek bid dat die God wat vrede gee, by julle almal sal wees. Amen.

Romeine 16

Paulus stuur groete

1Febe is een van die gelowiges en sy is ’n diaken van die kerk in die stad Kenchreë. Julle kan haar vertrou.

2Sy behoort aan die Here en daarom moet julle haar welkom laat voel soos julle almal welkom laat voel wat aan die Here behoort. Julle moet ook vir haar help en vir haar alles gee wat sy nodig het, want sy het vir baie ander mense gehelp. Sy het ook vir my gehelp.

3Ek stuur groete vir Priska en Akwila. Hulle werk saam met my vir Christus Jesus.

4Hulle het my lewe gered, maar hulle het toe amper self gesterf. Ek en die gemeentes van die heidene sê dankie dat hulle my lewe gered het.

5Ek stuur ook groete vir die gemeente wat bymekaarkom in die huis van Priska en Akwila. Ek stuur groete vir my goeie vriend Epenetus. Hy was die eerste persoon in Asië wat in Christus begin glo het.

6Ek stuur groete vir Maria. Sy het baie hard vir julle gewerk.

7Ek stuur groete vir Andronikus en Junias. Hulle is ook Jode soos ek en hulle was saam met my in die tronk. Hulle is belangrike apostels en hulle het in Christus geglo voordat ek in Hom geglo het.

8Ek stuur groete vir my liewe Ampliatus. Hy behoort ook aan die Here.

9Ek stuur groete vir Urbanus. Hy het saam met ons gewerk vir Christus. Ek stuur groete vir my liewe Stagis.

10Ek stuur groete vir Apelles. Hy behoort aan Christus en hy het gewys ’n mens kan glo dat hy sal doen wat hy sê. Ek stuur groete vir almal in die huis van Aristobulus.

11Ek stuur groete vir Herodion. Hy is ook ’n Jood soos ek. Ek stuur groete vir almal in die huis van Narsissus wat aan die Here behoort.

12Ek stuur groete vir Trifena en Trifosa. Hulle werk hard vir die Here. Ek stuur groete vir my liewe Persis. Sy het baie hard gewerk vir die Here.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[13]Ek stuur groete vir Rufus. Die Here het hom ook gekies om aan Hom te behoort. Ek stuur ook groete vir Rufus se ma. Sy is vir my ook ’n ma.

[14]Ek stuur groete vir Asinkritus, Flegon, Hermes, Patrobas, Hermas en die ander gelowiges wat by hulle is.

[15]Ek stuur groete vir Filologus en Julias, Nereus en sy suster, en Olimpas en al die ander gelowiges by hulle.

[16]Julle moet mekaar groet met ’n soen. Dit sal wys dat julle almal aan Christus behoort. Al die gemeentes van Christus stuur groete vir julle.

[17]Vriende, ek vra mooi vir julle: Julle moet oppas vir die mense wat julle laat stry en sonde laat doen. Dit is nie wat julle geleer het nie. Julle moet hulle los.

[18]Hulle dien nie vir Christus die Here nie, hulle dink net aan dit wat hulle self wil hê. Hulle sê baie mooi dinge, en so verlei hulle die mense wat min weet.

[19]Almal weet julle is gehoorsaam aan Christus, en ek is bly dat julle gehoorsaam is. Ek wil hê julle moet verstandig wees en julle moet weet wat goed is. En ek wil hê julle moet niks verkeerd doen nie.

[20]God wat vrede gee, sal gou die Satan oorwin, en julle sal oor die Satan regeer. Ek bid dat ons Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle.

[21]Timoteus, wat saam met my werk, stuur groete vir julle. Ook Lucius, Jason en Sosipater. Hulle is Jode soos ek.

[22]Ek, Tertius, het hierdie brief geskryf. Ek behoort ook aan die Here en ek stuur groete vir julle.

[23]Ek bly by Gaius. Hy stuur groete vir julle. Die hele gemeente wat in sy huis bymekaarkom, stuur ook groete vir julle. Erastus werk met die stad se geld. Hy en ons vriend Kwartus stuur groete vir julle.

[24] Paulus prys God
[25]God kan julle geloof sterk maak. Dit is die goeie boodskap wat ek bring, die goeie boodskap oor Jesus Christus. Die mense het voorheen nooit geweet van die boodskap oor Christus nie,

[26]maar nou het God vir almal die boodskap oor Christus laat verstaan. Hulle lees dit in die boeke van die profete. God, wat altyd lewe, het gesê al die heidene moet ook die boodskap hoor sodat hulle in Christus kan glo en gehoorsaam kan wees.

[27]Kom ons prys altyd vir Jesus Christus en vir God, net Hy het wysheid. Amen.

© Bible Society of South Africa.

1 Korintiërs

1 Korintiërs 1

1 God het besluit om vir my, Paulus, te kies om ’n apostel van Christus Jesus te wees.
Ek en Sostenes, wat ook ’n gelowige is,

2 skryf nou hierdie brief vir julle, die gemeente van God daar in Korinte. God het julle
aan Hom gewy en julle glo in Christus Jesus. Ja, God het julle gekies om aan Hom te
behoort. Ons skryf ook vir almal wat ons Here Jesus Christus aanbid, dit maak nie
saak waar hulle woon nie. Jesus is hulle Here én ons Here.

3 Ons bid dat God ons Vader en die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle en
dat Hy vir julle vrede sal gee.

Paulus sê dankie

4 Ek sê altyd vir my God dankie wanneer ek aan julle dink. Ek sê dankie, want God is
baie genadig vir julle omdat julle in Christus Jesus glo.

5 Ja, God het julle baie geseën omdat julle aan Christus Jesus behoort. Julle verstaan
die goeie boodskap van Christus Jesus en julle verduidelik dit ook goed vir mekaar.

6 Julle kan dit doen omdat julle die boodskap vas glo wat die apostels vir julle gebring
het.

7 Julle het al die genadegawes ontvang wat die Here vir julle gegee het. En julle hou
aan om te wag vir die dag wanneer God vir almal ons Here Jesus Christus sal wys
sodat ons Hom kan sien.

8 God sal julle vas laat glo tot die einde. Niemand sal julle kan beskuldig op die dag
wanneer ons Here Jesus Christus weer kom nie.

9 God sal doen wat Hy belowe het. Hy het julle gekies om saam met sy Seun, ons Here
Jesus Christus, te wees.

Daar is verskillende groepe in die gemeente, en hulle is teen mekaar

10 Vriende, julle behoort aan ons Here Jesus Christus. Daarom vra ek mooi vir julle:
Julle moet saamwerk met mekaar, julle moenie groepe wees wat teen mekaar werk
nie. Julle moet weer wees soos in die begin: Julle moet mekaar aanvaar, julle moet
dieselfde dinge wil doen.

11 Vriende, Chloë se mense het vir my vertel dat julle met mekaar stry.

12 Ja, julle stry, want die een sê: “Ek behoort aan Paulus,” ’n ander een sê: “Ek
behoort aan Apollos,” ’n ander een sê: “Ek behoort aan Sefas,” en ’n ander een sê:
“Ek behoort aan Christus.”

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Nee, ons kan Christus nie in groepe deel nie. En God het nie vir mý, Paulus, laat kruisig om julle sondes te vergewe nie. En toe julle gedoop is, was dit nie sodat julle aan Paulus sal behoort nie.

14Ek sê vir God dankie dat ek niemand van julle gedoop het nie, ek het net vir Krispus en Gaius gedoop.

15Nou kan niemand sê dat julle gedoop is sodat julle aan my sal behoort nie.

16Ja, ek het ook die huisgesin van Stefanas gedoop, ek is nie seker of ek ook iemand anders gedoop het nie.

17Christus het my nie gestuur om te doop nie, Hy het my gestuur om die goeie boodskap oor Hom te bring. Ek het die boodskap gebring, maar ek het dit nie gedoen met die slim woorde van mense nie, want as ek dit gedoen het, dan help dit nie dat Christus aan die kruis gesterf het nie.

Christus wys hoe sterk en slim God is

18Ja, vir die mense wat verlore gaan, is die boodskap oor die kruis iets wat dom lyk. Maar God het vir óns gered, en die kruis wys vir óns hoe sterk God is wanneer Hy ons red.

19Want in die Ou Testament is geskryf: Ek sal die planne van die slim mense laat misluk, en die dinge wat slim mense dink, sal Ek laat verdwyn.

20Die wêreld se slim mense, die skrifgeleerdes en die mense wat goed kan dink en praat, beteken niks by God nie. Alles wat God gedoen het, het gewys die dinge wat slim mense dink, is dom.

21God was reg toe Hy besluit het dat die slim dinge wat die mense van die wêreld dink, hulle nie sal kan help om Hom te ken nie. Die mense van die wêreld sê die boodskap oor Jesus is iets wat dom lyk, maar God het besluit om die mense te red wat hierdie boodskap glo.

22Die Jode wil wondertekens sien en die Grieke wil slim dinge hoor,

23maar ons bring ’n boodskap dat Christus aan ’n kruis gesterf het. Vir die Jode is dit ’n groot probleem, en vir die heidene is dit iets wat dom lyk.

24Maar God het mense gekies, Jode én Grieke, en vir húlle is Christus die Een wat wys dat God sterk is en dat Hy wysheid het.

25Want die mense van die wêreld sê die boodskap oor Christus is iets wat dom lyk, maar die boodskap wys dat God meer wysheid het as die mense. En die mense van die wêreld sê God het gewys dat Hy swak is toe Hy Christus laat sterf het aan die kruis, maar toe God dit gedoen het, het Hy gewys dat Hy sterker is as die mense.

26Vriende, God het julle gekies. Maar kyk wie is julle. Julle is nie slim of belangrik nie, en julle kom nie uit belangrike families nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

27Daar is dinge wat dom lyk vir die mense van die wêreld, maar God het daardie dinge gekies om die slim mense te laat verstaan dat hulle niks weet nie. En daar is dinge wat onbelangrik lyk vir die mense van die wêreld, maar God het daardie dinge gekies om die belangrike mense te laat besef dat hulle nie belangrik is nie.

28En daar is dinge wat vir die mense van die wêreld niks beteken nie, hulle dink dit is onbelangrik, hulle dink dit is niks. Maar God het daardie dinge gekies om te wys dat dit vir Hom anders is: Die dinge wat baie belangrik is vir die mense van die wêreld, beteken nou niks.

29Hoekom het God dit gedoen? Hy het dit gedoen sodat niemand kan dink hy is vir God beter as iemand anders nie.

30Dit is God wat julle nou naby Christus Jesus gebring het. Ja, as ons in Christus Jesus glo, dan sien ons die wysheid van God, ons sien dat Hy ons nie meer straf nie, dat Hy ons aan Hom wy en dat Hy ons vrymaak van die sonde.

31En so word dit waar wat in die Ou Testament geskryf is: As ’n mens wil spog, dan moet hy oor die Here spog.

1 Korintiërs 2

Die Heilige Gees werk wanneer Paulus preek

1Vriende, ek het na julle toe gekom om vir julle te vertel van die dinge van God, dinge waarvan julle niks geweet het nie. Ek het toe nie moeilike woorde gebruik of gemaak of ek baie slim is nie.

2Ek het dit gedoen omdat ek vir julle net wou leer van Jesus Christus, en dat God Hom laat kruisig het.

3Ja, toe ek by julle gekom het, het ek getwyfel of ek die boodskap van Christus reg sal kan bring vir julle. Ek was baie bang en benoud.

4Toe ek vir julle geleer het en vertel het van Christus, het ek nie slim woorde gebruik sodat julle my moet glo nie. Nee, die Gees van God het sterk in my gewerk.

5Daarom glo julle, maar nie omdat iemand slim woorde gebruik het sodat julle moet dink hy is wonderlik nie. Julle glo omdat julle gesien het hoe sterk God se krag gewerk het.

Die Gees van God vertel van die dinge van God

6Die mense wat God se planne verstaan, weet dat die dinge wat ons sê, baie verstandig is. Maar onthou, ons praat van dinge wat die mense van hierdie wêreld en die mense wat oor die wêreld regeer, nie verstaan nie. Die tyd van die leiers van die wêreld is amper verby.

© Bible Society of South Africa.

7Ons vertel vir julle van God se plan. Niemand het iets daarvan geweet nie, net God het daarvan geweet. Voordat God die wêreld gemaak het, het Hy begin om sy plan gereed te maak sodat ons eendag saam met Hom kan wees waar Hy Koning is.

8Nie een van die wêreld se leiers het hierdie plan geken nie. As hulle dit geken het, dan sou hulle nie die Here gekruisig het nie, die Here wat Koning is.

9Die woorde in die Ou Testament is waar. Daar is geskryf: God het iets gereedgemaak. Niemand het dit gesien nie, niemand het daarvan gehoor nie, en niemand het daaraan gedink nie. Hy het dit gereedgemaak vir die mense wat lief is vir Hom.

10God het die Heilige Gees gestuur om hierdie plan vir ons te wys. Die Gees vind alles uit oor alle dinge, ook oor die dinge van God waarvan niemand weet nie.

11Wie ken die dinge wat ’n mens dink? Net die gees van die mens ken dit. Dit is ook so by God: Niemand ken die dinge wat God dink nie, net God se Gees ken dit.

12Maar óns verstaan die dinge wat God vir ons gegee het. Hy het dit gegee omdat Hy genadig is vir ons. Ons verstaan dit omdat God vir ons sý Gees gegee het, nie die gees van die wêreld nie.

13Wanneer ons oor die dinge van God praat, dan gebruik ons nie woorde wat slim mense vir ons geleer het nie, ons gebruik woorde wat God se Gees vir ons geleer het. En so verduidelik ons geestelike dinge vir mense wat die geestelike dinge kan verstaan.

14Iemand wat lewe soos die mense van hierdie wêreld, wil nie die dinge van God se Gees hê nie, want hy dink dit is dom dinge. Hy kan dit nie verstaan nie omdat ’n mens dit geestelik moet verstaan.

15Iemand wat lewe soos die Gees van God wil hê, kan oor enige iets sê of dit reg of verkeerd is. Maar niemand anders kan sê of iemand wat lewe soos die Gees van God wil hê, reg of verkeerd is nie.

16In die Ou Testament is geskryf: Niemand kan verstaan wat die Here dink nie, niemand kan vir Hom sê wat Hy moet doen nie. Maar ons, ons verstaan wat Christus dink.

1 Korintiërs 3

Hoekom is groepe mense teen mekaar?

1Vriende, ek kon nie met julle praat soos met geestelike mense nie. Ek het met julle gepraat soos met wêreldse mense, soos met klein kindertjies wat vir die eerste maal van Christus gehoor het.

© Bible Society of South Africa.

2Ek het vir julle melk gegee soos vir klein kindertjies. Ek het nie vir julle grootmenskos gegee nie, want julle kon dit nie eet nie. Julle kan dit ook nou nog nie eet nie.

3Julle is nog wêreldse mense, want julle is jaloers op mekaar en julle twis met mekaar. Dit wys dat julle wêreldse mense is, julle doen wat die mense van die wêreld doen.

4Party van julle sê: “Ek behoort aan Paulus,” ander sê: “Ek behoort aan Apollos.” Wanneer julle so sê, dan doen julle wat die mense van die wêreld doen.

5Apollos en ek, Paulus, is nie belangrik nie. Ons is net mense wat vir julle gehelp het om te begin glo. Die Here het vir my en Apollos elkeen ’n werk gegee.

6Ek het die saad van die boodskap van God geplant en Apollos het dit natgegooi, maar dit is God wat dit laat groei het.

7Die persoon wat plant en die persoon wat natgooi, is nie belangrik nie. Die Persoon wat laat groei, is belangrik, en dit is God.

8Die persoon wat plant, doen nie belangriker werk as die persoon wat natgooi nie. God sal elkeen beloon vir die werk wat hy gedoen het.

9Ons werk almal saam vir God. En julle is soos ’n stuk grond waar God besig is om te werk.

Die gelowiges is die gebou en die tempel van God

Julle is ’n gebou van God.

10God was genadig vir my. Hy het gesê ek mag die fondament bou. Toe het ek soos ’n goeie bouer die fondament gebou, en ’n ander bouer bou verder daarop. Elkeen moet goed kyk hoe hy daarop bou.

11Niemand kan ’n ander fondament bou nie, want daar is klaar ’n fondament. Hierdie fondament is Jesus Christus.

12’n Mens kan op hierdie fondament bou met goud, silwer, edelstene, hout, gras of strooi.

13Wanneer die Here kom, dan sal almal kan sien waarmee elkeen gebou het, want op daardie dag sal daar ook vuur kom. Die vuur sal elkeen se bouwerk toets om te kyk of hy goed gebou het.

14Wanneer iemand op die fondament gebou het, en sy werk bly staan, dan sal die Here daardie persoon beloon.

15Maar as iemand se werk verbrand, dan sal daardie persoon alles verloor. Maar die Here sal die persoon self red, Hy sal die persoon uit die vuur red.

© Bible Society of South Africa.

16Julle moet onthou dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon.

17As iemand die tempel van God ontwy, dan sal God daardie persoon straf, want die tempel van God behoort aan God. En júlle is daardie tempel.

18Julle moenie julleself bedrieg nie. Een van julle dink miskien hy is slim in hierdie wêreld, maar hy sal eers regtig slim wees wanneer hy weet hy is dom by God.

19Hoekom? Want God sê die slim dinge van die wêreld is dom. In die Ou Testament is geskryf: God vang die slim mense met hulle eie slim planne.

20Daar is ook geskryf: Die Here ken die planne wat die slim mense van die wêreld maak. Hy weet dit beteken niks.

21Daarom moet julle nie spog dat julle aan ’n belangrike leier van die gemeente behoort nie, want al hierdie leiers, ja alle dinge, behoort aan julle.

22Paulus en Apollos en Sefas en die wêreld en die lewe en die dood en die belangrike dinge van hierdie lewe en van die lewe wat eendag kom, ja, alles behoort aan julle.

23En julle behoort aan Christus, en Christus behoort aan God.

1 Korintiërs 4

Die apostels werk vir Christus, hulle kry swaar

1Julle moet onthou: Ons bring die goeie boodskap, ons is mense wat vir Christus werk. Ons verduidelik vir julle die dinge van God, niemand het iets geweet van daardie dinge nie.

2Iemand wat hierdie werk doen, moet altyd doen wat hy moet doen.

3Maar dit is nie vir my belangrik of ménse miskien sal dink dat ek nie altyd doen wat ek moet doen nie. Dit maak nie saak of daardie mense júlle is of ’n regter nie. Ek sal ook nie self besluit of ek reg gedoen het nie.

4Ek kan nie onthou dat ek ’n fout gemaak het nie, maar dit is die Here wat sal sê of ek skuldig is of nie skuldig is nie.

5Daarom moet julle nie oordeel voor dit die regte tyd is nie. Wag eers totdat die Here kom. Hy sal die dinge wat niemand nou weet nie, vir almal vertel. Hy sal sê wat elkeen in sy hart dink. En dan sal God elkeen prys.

6Vriende, ek en Apollos doen alles waaroor ek nou geskryf het. Ons doen dit vir julle, omdat ons vir julle wil leer. In die Ou Testament is geskryf oor mense wat dink hulle is belangrik. Dit is wat julle ook moet onthou: Niemand mag sê een mens is belangriker as ’n ander mens nie.

© Bible Society of South Africa.

7Hoekom dink jy dat jy beter is as iemand anders? Alles wat jy het, het God vir jou gegee. Hoekom spog jy en maak jy of jy dit self gekry het?

8Julle dink julle kan baie tevrede wees met julleself. Julle dink julle het genoeg van alles. Julle dink júlle het konings geword, maar óns, die apostels, is nog nie konings nie. Ek wens julle het konings geword, dan was ons nou saam met julle konings. Maar dit is nie so nie.

9Ons is apostels, maar ek dink God het vir ons die minste belangrik van almal gemaak. Ons is soos mense wat moet sterf omdat ’n regter gesê het ons moet die doodstraf kry. En nou wil die hele wêreld, mense én engele, sien hoe ons sterf.

10Almal dink nou dat ons, die apostels, baie dom is omdat ons vir Christus werk. En julle dink júlle is nou baie slim omdat julle vir Christus leer ken het. Julle dink óns is die swak mense en júlle is die sterk mense. Julle dink júlle is die belangrike mense en óns is nie belangrik nie.

11Kyk wat het tot nou toe alles met ons gebeur: Ons is honger en dors, ons dra stukkende klere, mense slaan ons, ons het nie ’n huis waar ons kan woon nie.

12Ons werk baie hard om kos en klere vir onsself te kry. Wanneer mense ons beledig, dan bid ons dat dit goed sal gaan met hulle. Wanneer hulle slegte dinge doen aan ons, dan bly ons stil.

13Wanneer hulle skinder van ons, dan sê ons mooi dinge vir hulle. Ons het geword soos die slegste mense in die wêreld, soos vuilgoed. Niemand dink ons is goed nie, en dit hou nooit op nie.

14Ek skryf nie hierdie dinge om julle skaam te maak nie. Ek skryf dit om vir julle te leer, want julle is my kinders, ek is baie lief vir julle.

15Daar is baie mense wat vir julle leer van Christus. Hulle is soos mense wat kinders oppas. Maar julle het nie baie vaders nie, julle het net een vader. Ek het julle vader geword toe ek die goeie boodskap van Christus Jesus vir julle gebring het, en toe julle in Hom begin glo het.

16Daarom vra ek mooi vir julle: Julle moet lewe soos ek lewe.

17En daarom het ek vir Timoteus na julle toe gestuur. Ek het vir Timoteus gehelp om die Here te leer ken, en nou is hy vir my soos ’n kind, ek is baie lief vir hom. Timoteus sal ook doen wat hy moet doen. Hy sal julle help om te onthou wat ek vir die mense leer. Dit is dieselfde dinge wat Christus Jesus vir die mense geleer het. En dit is dieselfde dinge wat ek vir die mense in al die gemeentes leer.

18Party van julle het gedink ek sal nie weer na julle toe kom nie, en daarom het hulle gedink hulle is nou baie belangrik.

© Bible Society of South Africa.

19Maar ek sál gou weer na julle toe kom, as die Here wil hê dat ek dit moet doen. En dan sal ek uitvind of hierdie mense net praat, en of hulle ook iets doen.

20Want waar God Koning is, daar práát mense nie net oor die dinge van God nie, God gee vir hulle krag om te dóén wat Hy wil hê.

21Julle mag self kies wat ek moet doen wanneer ek weer na julle toe kom: Moet ek baie kwaai wees of moet ek vol liefde wees en nie kwaai nie?

1 Korintiërs 5

Party mense in die gemeente in Korinte lewe onsedelik. Paulus sê die gemeente moet hulle straf

1Ek het gehoor daar is mense by julle wat onsedelik lewe. Die sonde wat hulle doen, is so groot dat ek dit nie kon glo nie. Ook die heidene dink dit is verkeerd. Ek het gehoor daar is ’n man wat by sy stiefma slaap.

2En julle dink nog altyd julle is beter as ander mense. As julle jammer was oor hierdie sonde, dan was dit beter. Dan sou julle gesê het die man wat hierdie ding doen, mag nie meer aan julle gemeente behoort nie.

3Ek is nie self nou daar by julle nie, maar dit voel of ek daar is. Daarom wil ek praat soos iemand wat daar by julle is. Ek het klaar besluit wat moet gebeur met die man wat hierdie sonde doen.

4Julle is die gemeente wat aan ons Here Jesus behoort, en wanneer julle vergadering hou, dan moet julle weet dat ek ook daar by julle is. Ons Here Jesus sal ook daar wees. Hy het baie krag en Hy sal sy krag vir julle gee.

5Julle moet die man wat hierdie sonde gedoen het vir die Satan gee, dan sal die Satan oor hom regeer. Die Satan sal hom baie swaar laat kry, sodat die Here hom kan red wanneer die dag van die Here kom.

6Julle dink julle is beter as ander mense, en dit is nie mooi nie. Julle weet goed dat ’n bietjie suurdeeg al die deeg suur maak.

7Daarom moet julle die man wat hierdie sonde doen, wegvat uit die gemeente, soos die Israeliete die ou suurdeeg weggevat het uit hulle huise wanneer hulle die Paasfees gevier het. Dan sal julle wees soos brood wat gebak is met vars deeg. En julle is al klaar soos brood wat so gebak is, brood sonder suurdeeg. Dit is omdat ons paaslam klaar gesterf het om ons sonde weg te neem. Ons paaslam is Christus.

8Daarom moet ons hele lewe soos die Paasfees wees. Maar ons moenie lewe soos mense wat die Paasfees vier met ou suurdeeg nie. Want as ons dit doen, dan doen ons slegte en verkeerde dinge. Ons moet lewe soos mense wat die Paasfees vier met ongesuurde brood. Dan sal ons eerlik en reg voor die Here lewe.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9In my ander brief het ek vir julle geskryf dat julle moet wegbly van mense wat onsedelik lewe.

10Maar julle moenie vir my verkeerd verstaan nie. Ek het nie gesê julle moet wegbly van die mense van hierdie wêreld wat onsedelik lewe nie, of van mense wat altyd meer en meer geld en goed wil hê, of van mense wat ander mense aanval en hulle geld vat, of van mense wat afgode aanbid nie. Want as julle van daardie mense wil wegbly, dan sal julle heeltemal uit die wêreld moet weggaan.

11Ek het in daardie brief gesê julle moet wegbly van mense wat sê hulle glo in Christus, maar hulle lewe onsedelik, of hulle wil altyd meer en meer geld en goed hê, of hulle aanbid afgode, of hulle sê lelike dinge van ander mense wat nie waar is nie, of hulle is altyd dronk, of hulle is mense wat ander mense aanval en hulle geld vat. Julle moet wegbly van daardie mense, julle moet ook nie saam met hulle eet nie.

12-13Ek wil nie die mense oordeel wat nie aan die gemeente behoort nie. God sal hulle oordeel. Maar julle moet die mense oordeel wat aan die gemeente behoort. In die Ou Testament is geskryf: Julle moet ’n slegte mens afsny van die gemeente.

1 Korintiërs 6

Gelowiges mag mekaar nie na die hof vat oor enige iets nie

1Ek hoor party van julle vat ander gelowiges na die hof. Hoekom doen julle dit? Julle wil hê die regters wat nie gelowiges is nie, moet die probleem regmaak. Hoekom vra julle nie vir gelowiges in die gemeente om die probleem reg te maak nie? Dit sal beter wees.

2Julle almal weet dat die gelowiges eendag die mense van die wêreld sal oordeel. Daarom kan julle self die klein probleempies regmaak wat julle met mekaar het.

3Julle almal weet ook dat ons eendag die engele sal oordeel. Daarom moet dit vir julle maklik wees om ook die gewone probleme reg te maak wat julle met mekaar het.

4Julle wat in die gemeente is, respekteer nie die regters van die wêreld nie! Hoekom vra julle dan dat húlle moet besluit oor julle gewone probleme?

5Ek sê dit sodat julle skaam moet word. Ek is seker daar is party van julle wat verstandig is en wat kan sê hoe gelowiges hulle probleme kan regmaak.

6Maar nou vat die een gelowige ’n ander gelowige na die hof, en julle vra vir regters om julle te help, regters wat nie gelowiges is nie.

7Julle het al klaar julle naam sleg gemaak omdat julle probleme het en mekaar daaroor na die hof vat. Hoekom is julle nie geduldig wanneer iemand verkeerde dinge aan julle doen of julle kul en julle goed vat nie?

© Bible Society of South Africa.

8Maar nou is júlle die mense wat verkeerde dinge doen aan ander mense, dit is júlle wat vir hulle kul en hulle goed vat. En julle doen dit aan gelowiges! Ek is geskok.

9-10Julle weet dat mense wat verkeerd lewe, nie sal kom waar God Koning is nie. Julle moet reg verstaan: Mense wat onsedelik lewe, sal nie kom waar God Koning is nie, ook nie mense wat afgode aanbid, of mans wat met ander mans se vroue seks het, of mans wat met ander mans seks het, of mense wat steel, of mense wat altyd meer en meer geld en goed wil hê, of mense wat altyd dronk is, of mense wat lieg en lelike dinge van ander mense sê, of mense wat ander mense aanval en hulle geld vat nie.

11Ja, party van julle het hierdie dinge gedoen. Maar nou het God julle sondes afgewas, Hy het julle aan Hom gewy. Hy het julle vrygespreek omdat julle aan die Here Jesus Christus behoort en omdat die Gees van ons God in julle harte gewerk het.

‘n Mens se liggaam is ’n tempel van die Heilige Gees

12Ek weet julle sê ’n mens mag alles doen. Maar julle moet onthou: Alles is nie goed vir ’n mens nie. Julle sê ’n mens mag alles doen, maar ek sê jy mag nie iets so belangrik laat word dat dit oor jou regeer nie.

13Julle sê ook kos moet na ’n mens se maag gaan, en die maag moet kos kry. Maar julle moet onthou: Die kos en ’n mens se maag behoort altwee aan God. God sal dit vir ons wys wanneer Hy eendag kom en besluit dat die maag en kos nie meer nodig is nie. Dit is dieselfde met ’n mens se liggaam: Die Here het ons liggame gemaak, nie om onsedelik te lewe nie, maar om Hom te dien. Ons liggame behoort aan die Here.

14God het die Here Jesus weer laat lewe, en so sal God ons ook eendag weer laat lewe, Hy sal dit doen met sy krag.

15Julle moet weet ons liggame behoort aan Christus. Daarom mag julle liggame nie ook aan ’n prostituut behoort nie.

16Julle weet almal dat wanneer ’n mens seks het met ’n prostituut, dan word jou liggaam en haar liggaam saam één liggaam. Want in die Ou Testament is geskryf: Hulle twee sal soos een mens wees.

17Maar as ’n mens saam met die Here lewe, dan is jou gees en sy Gees een.

18Julle moenie onsedelik lewe nie. Al die ander sondes wat ’n mens doen, doen hy nie aan sy liggaam nie, maar wanneer hy onsedelik lewe, dan is dit ’n sonde wat hy aan sy eie liggaam doen.

19Julle moet weet dat ’n mens se liggaam ’n tempel van die Heilige Gees is. God het sy Gees vir julle gegee om in julle te woon. Daarom behoort julle nie aan julleself nie.

20God het duur betaal toe Hy julle gekoop het vir Hom. Daarom moet julle vir God prys met julle liggame.

© Bible Society of South Africa.

1 Korintiërs 7

Paulus gee raad oor verskillende sake in die huwelik

1Ek wil nou praat oor die dinge wat julle vir my geskryf en gevra het. Julle sê dit is goed dat ’n mens nie trou nie.

2Maar ek sê: Baie mense lewe onsedelik, daarom moet elke man sy eie vrou hê en elke vrou moet haar eie man hê.

3Wanneer ’n man en ’n vrou getroud is, dan moet hulle altwee saamstem om gereeld seks te hê met mekaar.

4Die vrou se liggaam behoort nie aan haarself nie, dit behoort aan haar man. En die man se liggaam behoort ook nie aan homself nie, dit behoort aan sy vrou.

5’n Man en sy vrou moenie ophou om met mekaar seks te hê nie. Maar hulle mag saam besluit om ’n tyd lank nie seks te hê nie sodat hulle meer tyd kan hê om te bid. Daarna moet hulle weer bymekaarslaap sodat die Satan hulle nie kan verlei nie, want party mense kan nie lank sonder seks bly nie.

6Maar onthou, ek sê net julle kán ophou om seks te hê wanneer julle meer wil bid, ek sê nie julle móét ophou om seks te hê nie.

7Ek wens dat alle mense ongetroud was soos ek. Maar God gee vir elke mens sy eie genadegawe. Hy gee vir die een mens een soort gawe, en Hy gee vir die ander mens iets anders.

8Ek sê vir die mense wat nie meer getroud is nie, spesiaal vir die weduwees: Dit is vir hulle goed dat hulle ongetroud bly soos ek.

9Maar as dit vir hulle té moeilik word om nie seks te hê nie, dan moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om altyd lus te wees vir seks.

10En ek sê vir die mense wat getroud is, nee, dit is nie ék wat sê nie, dit is die Hére wat sê: ’n Vrou mag nie van haar man skei nie.

11Maar as sy skei, dan moet sy ongetroud bly, of sy moet weer teruggaan na haar man toe. Die man mag ook nie van sy vrou skei nie.

12Daar is ook die probleem van iemand wat getroud is met ’n man of vrou wat nie ’n gelowige is nie. Die Here Jesus het nie iets spesiaal daaroor gesê nie, maar ék wil iets daaroor sê: As ’n gelowige man met ’n ongelowige vrou getroud is, en die ongelowige vrou is tevrede om saam met haar man te lewe, dan moet die gelowige man nie van sy vrou skei nie.

13Dit is dieselfde met ’n gelowige vrou: As sy met ’n ongelowige man getroud is, en die ongelowige man is tevrede om saam met sy vrou te lewe, dan moet die gelowige vrou nie van haar man skei nie.

© Bible Society of South Africa.

14Want omdat die ongelowige man getroud is met die gelowige vrou, sal hy miskien ook later aan God behoort. En omdat die ongelowige vrou getroud is met die gelowige man, sal sy miskien ook later aan God behoort. As dit nie so was nie, dan sou hulle kinders nie aan God behoort het nie, maar nou behoort hulle kinders aan God.

15Maar as die óngelowige man of vrou wil skei, dan moet julle nie vir hulle keer nie, want God wil hê daar moet vrede wees tussen ’n man en sy vrou. Niemand kan sê die gelowige man of vrou móét getroud bly nie.

16Die gelowige vrou kan nie seker weet dat sy haar ongelowige man vir God sal kan red nie. En die gelowige man kan nie seker weet dat hy sy ongelowige vrou vir God sal kan red nie.

17Daar sal party mense wees wat skei, maar ek wil vir julle sê wat julle moet doen: Elkeen moet aanhou lewe soos hy of sy is: As hy getroud is, dan moet hy getroud bly, of as hy ongetroud is, dan moet hy ongetroud bly. Jy moet aanvaar wat die Here vir jou in die lewe gegee het. Jy moet bly soos jy was toe God jou gekies het om aan Hom te behoort. So moet elkeen sy of haar werk doen. Dit is wat ek vir al die gemeentes sê.

18As jy besny was toe God jou gekies het, moenie dan probeer om weg te steek dat jy besny is nie. En as jy nie besny was toe God jou gekies het nie, moenie dan vra dat iemand jou moet besny nie.

19Dit is nie belangrik om besny te wees of nie besny te wees nie. Maar wat belangrik is, is dat jy gehoorsaam moet wees aan die wette van God.

20Daarom moet elkeen bly soos hy was toe God hom gekies het.

21As jy ’n slaaf was toe God jou gekies het, dan moet jy nie daaroor bekommerd wees dat jy ’n slaaf is nie. Maar as jou eienaar jou wil laat gaan om vry te wees, dan kan jy dit aanvaar en jy kan ’n vry man of vrou word.

22Dit maak nie saak of jy ’n slaaf is en of jy vry is nie, want as jy ’n slaaf is en die Here het jou gekies, dan is jy vry omdat jy aan die Here behoort. En as jy vry is en die Here het jou gekies, dan is jy ’n slaaf van Christus.

23Christus het baie duur betaal om julle te koop. Daarom moet julle nie slawe van mense wees nie.

24My vriende, julle moet vir God dien en aanhou lewe soos julle gedoen het toe Hy julle gekies het. Julle moenie iets anders probeer wees nie.

25Die Here het nie spesiaal iets gesê vir die jongmense wat nog nie getroud is nie. Maar ek wil vir julle sê wat ek dink julle moet doen. Die Here was goed vir my, julle kan nou vir my glo.

© Bible Society of South Africa.

26Die mense sal baie swaar kry in die tyd wat kom. Daarom dink ek dit is goed as iemand bly soos hy is, getroud of nie getroud nie.

27As hy getroud is, dan moet hy nie skei nie. As hy nie getroud is nie, dan moet hy nie trou nie.

28Maar as ’n jongman trou, dan doen hy nie sonde nie. En as ’n jongmeisie trou, dan doen sy nie sonde nie. Maar getroude mense sal swaarkry omdat daar so baie dinge is wat mense moet doen wanneer hulle getroud is, en ek wil nie hê julle moet swaarkry nie.

29My vriende, ek waarsku julle dat die tyd kort is voordat Christus weer kom. Daarom moet die mense wat getroud is, wees soos mense wat nie getroud is nie.

30Die mense wat huil, moet wees soos mense wat nie huil nie. Die mense wat bly is, moet wees soos mense wat nie bly is nie. Die mense wat dinge kan koop, moet wees soos mense wat niks het nie.

31En die mense wat baie besig is in die wêreld, moet wees soos mense wat dink die wêreld is nie belangrik nie. Want die wêreld soos dit nou is, sal verdwyn.

32Ek wil graag hê julle moenie bekommerd wees oor dinge nie. As ’n man nie getroud is nie, dan het hy tyd om besig te wees met die dinge van die Here. Hy probeer dinge doen waarvan die Here hou.

33Maar as ’n man getroud is, dan is hy besig met die dinge van die wêreld. Hy probeer dinge doen waarvan sy vrou hou.

34’n Getroude man kan nie net aan die Here dink nie, want hy moet ook dink aan sy vrou. Dit is dieselfde vir ’n vrou. As ’n vrou nie meer getroud is nie, of as sy nog nooit getrou het nie, dan kan sy besig wees met die dinge van die Here. Sy wil haar hele lewe aan die Here wy. Maar as ’n vrou getroud is, dan is sy besig met die dinge van die wêreld. Sy probeer dinge doen waarvan haar man hou.

35Ek sê dit omdat ek probeer om julle te help. Ek wil nie hê dat die lewe vir julle moeilik moet wees nie. Nee, ek wil hê julle moet reg lewe en julle moet julleself heeltemal wy aan die Here, julle moenie dat iets of iemand julle laat dink aan ander dinge nie.

36As ’n jongman verloof is en hy dink hy doen nie reg aan sy verloofde nie, en hy wil baie graag by haar slaap, dan moet hy met haar trou. Hy doen nie sonde as hy met haar trou nie. Hy en sy verloofde moet trou.

37As ’n jongman verloof is, maar hy besluit dat hy nie by sy verloofde wil slaap nie, en hy glo vas hy moenie met haar trou nie, dan doen hy reg as hy nie met haar trou nie. Maar niemand moet vir hom sê hy mag nie met haar trou nie.

© Bible Society of South Africa.

38Dit beteken dat as ’n jongman met sy verloofde trou, dan is dit goed. Maar as die jongman nie trou nie, dan is dit beter.

39As ’n vrou met haar man getroud is, dan mag sy hom nie los nie. Maar as die man sterf, dan kan sy weer met enige iemand trou, maar dit moet iemand wees wat ook in die Here Jesus glo.

40Maar ek dink so ’n weduwee is gelukkiger as sy nie weer trou nie. En ek dink dat die Gees van God my ook lei om vir julle te sê wat julle moet doen.

1 Korintiërs 8

Mag gelowiges vleis eet wat die heidene in hulle tempels vir ’n afgod offer?

1Julle het vir my gevra of gelowiges afgod-offervleis mag eet. Ek wil nou daaroor praat. Ons weet dat almal dink hulle weet alles hiervan. Maar julle moet onthou, wanneer ’n mens dink hy weet alles, dan maak hy ander mense maklik hartseer. Maar wanneer hy lief is vir ander mense, dan kan hy hulle help.

2Iemand dink miskien hy weet alles, maar so iemand het nog nie alles geleer wat hy moet leer nie.

3Iemand wat lief is vir God, ken vir God. Maar die belangrikste is dat God ook vir daardie persoon ken.

4Ek wil nou praat oor die afgod-offervleis. Ons weet almal dat daar nie regtig afgode in die wêreld is nie. Ons weet dat daar net een ware God is.

5Ja, baie mense sê dat daar gode in die hemel of op die aarde is, en ons weet mense aanbid daardie baie gode en noem hulle ook “Here.”

6Maar vir ons is daar net één God. Hy is die Vader wat alles gemaak het. Ons moet vir Hom lewe. En daar is een Here. Hy is Jesus Christus. Jesus het saam met die Vader gewerk om alles te maak, Hy het vir ons die ware lewe gegee.

7Maar al die gelowiges verstaan nie goed dat daar net een God is nie, want hulle het baie jare lank die afgode gedien voordat hulle gelowiges geword het. Hulle dink dat wanneer hulle afgod-offervleis eet, dan dien hulle ook die afgod. En omdat hierdie gelowiges maklik skuldig voel, glo hulle dat hulle sonde gedoen het.

8Maar julle moet weet dat kos nie kan help dat God minder of meer van ons sal hou nie. As ons nie die afgod-offervleis eet nie, dan beteken dit nie dat ons geloof swak is nie, en as ons dit eet, dan beteken dit nie dat ons geloof sterk is nie.

9Julle wat dink dit is nie verkeerd om afgod-offervleis te eet nie, julle moet versigtig wees, want julle kan ander gelowiges sonde laat doen.

10Miskien dink jy dit is nie verkeerd om afgod-offervleis te eet nie. Maar miskien is ’n ander gelowige se geloof swak, en wanneer hy sien dat jy in ’n tempel afgod-

© Bible Society of South Africa.

offervleis eet, dan sal hy dink hy kan dit ook eet, en miskien sal hy dan weer afgode begin dien.

11Sy geloof is swak, en omdat jy dink dit is nie verkeerd om afgod-offervleis te eet nie, sal hy miskien verlore gaan. Maar jy moet onthou, hy is ’n gelowige, Christus het vir hom gesterf.

12Onthou, wanneer julle iets doen wat ander gelowiges skuldig laat voel, dan doen julle sonde teen hulle en ook teen Christus.

13Daarom, as kos iemand sonde laat doen, iemand wat soos ek in Christus glo, dan sal ek nooit weer vleis eet nie. So sal ek seker maak dat ander gelowiges nie sonde doen nie.

1 Korintiërs 9

Paulus mag geld kry vir sy werk in die gemeente, maar hy wil niks hê nie

1Julle moet dit weet: Ek is vry, ek kan doen wat ek wil doen. Ek is ’n apostel, ek het vir Jesus ons Here gesien. Julle glo in die Here omdat ek die goeie boodskap vir julle gebring het.

2Ander mense dink miskien dat ek nie ’n apostel is nie. Maar julle mag nie so dink nie, want julle glo in die Here, en dit wys dat ek ’n apostel is.

3Ek wil graag die mense antwoord wat sê dat ek nie ’n apostel is nie. Ek sê vir hulle:

4Ons, ek en die persone wat saam met my werk, mag vra dat die gemeentes vir ons moet sorg.

5Elkeen van ons mag sy vrou saamneem, en die gemeentes moet vir hulle sorg. Die ander apostels en die broers van die Here en Sefas neem ook hulle vroue saam.

6Ek en Barnabas mag ook vir die gemeentes vra om vir ons te sorg, sodat ons dan nie ook ander werk moet doen om vir onsself te sorg nie.

7Julle weet dat ’n soldaat nie vir sy eie kos betaal nie, en iemand wat ’n wingerd plant, mag van die druiwe eet, en iemand wat skape en bokke oppas, mag van hulle melk drink.

8Ek sê dit omdat dit iets is wat almal weet, en die Wette van Moses sê dit ook.

9In die Wette van Moses is geskryf: Jy mag nie ’n bees se bek toebind wanneer hy die korrels uit die koring-are trap nie. Is God bekommerd oor die beeste of is Hy bekommerd oor óns?

10Hy is bekommerd oor óns, dit is seker. Daar is geskryf: Wanneer iemand ploeg en die korrels uit die koring-are haal, dan hoop hy om iets te kry. Moses het dit geskryf om vir ons te help, hy het aan óns gedink.

© Bible Society of South Africa.

11Ons het vir julle geestelike dinge geleer, ons het dit in julle harte gesaai. Daarom mag ons dinge van julle kry waarvan ons kan lewe.

12Julle sorg vir ander werkers in die gemeente. Daarom mag ek en Barnabas nog meer vra dat julle vir ons moet sorg. Ons kry swaar, maar ons kies om vir onsself te sorg. Want dan is ons seker dat daar niks is wat julle sal keer om te glo in die goeie boodskap van Christus nie.

13Julle weet baie goed dat die priesters wat in die tempel werk, van die kos eet wat die mense na die tempel bring. En die priesters wat by die altaar werk, eet ook van die vleis wat hulle op die altaar offer.

14Daarom het die Here Jesus gesê dat almal wat die goeie boodskap bring, ook van die offers mag neem wat die mense gee, hulle moet daarvan lewe.

15Maar ek self het nog nooit gevra dat die gemeentes vir my moet sorg nie. Julle moet ook nie dink ek skryf oor hierdie dinge sodat julle nou vir my moet begin sorg nie. Ek wil nie hê dat iemand vir my moet sorg nie. Nee, as iemand dit vir my moet doen, dan sal dit vir my beter wees om te sterf. Want ek is trots daarop dat ek die goeie boodskap bring, en ek vra nie dat julle vir my moet betaal nie.

16Julle moet goed verstaan: Ek bring die goeie boodskap, maar ek doen dit nie sodat ek trots kan wees omdat ek dit doen nie. Nee, ek móét dit doen, ek kan nie besluit om iets anders te doen nie. Dit sal baie sleg gaan met my as ek nié die goeie boodskap bring nie.

17As ek die goeie boodskap bring omdat ek self gevra het om dit te doen, dan kan ek vir julle geld vra omdat ek dit doen. Ek bring die goeie boodskap, maar nie omdat ek self gekies het om dit te doen nie, ek doen dit omdat die Here vir my hierdie belangrike werk gegee het.

18Dink julle nou dat ek niks beloning kry nie? Nee, my beloning is dat ek die goeie boodskap bring en dat julle niks betaal daarvoor nie. Ek kán vra dat julle vir my moet sorg, maar ek doen dit nie.

19Ek is vry om te doen wat ek wil doen, maar ek het besluit om ’n slaaf van almal te word, sodat meer mense in Christus kan glo.

20Ek het vir die Jode soos ’n Jood geword, sodat die Jode in Christus kan glo. Ja, die Jode probeer om alles te doen wat die Wette van Moses sê, en ek het vir hulle geword soos iemand wat ook probeer om alles te doen wat die wette sê. In my hart weet ek dat dit nie belangrik is dat ek alles moet doen nie, maar ek doen dit sodat die Jode ook in Christus kan glo, die Jode wat nog probeer om alles te doen wat die Wette van Moses sê.

21Die heidene ken nie die Wette van Moses nie, en vir húlle het ek geword soos iemand wat ook nie die Wette van Moses ken nie. Maar ek lewe altyd soos God se

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

wette sê, ek lewe soos Christus dit verduidelik het. Ek doen dit omdat ek hoop dat die heidene ook in Christus sal glo, die heidene wat nie die Wette van Moses ken nie.

22Party gelowiges se geloof is nog swak en hulle dink dat al die Wette van Moses vandag nog belangrik is. Ek het ook soos een van daardie gelowiges geword. Só het ek probeer om hulle sterker in Christus te laat glo. Ek het probeer om soos almal te wees, sodat ek miskien party van hulle kan red.

23Ek doen dit alles vir die goeie boodskap van Christus, sodat ek self ook kan kry wat Hy in sy boodskap belowe.

24Julle weet dit baie goed: Wanneer mense resies hardloop, dan is daar baie atlete wat hardloop, maar net één wat wen. Julle moet só hardloop dat julle kan wen.

25Elkeen wat resies wil hardloop, weet dat daar baie dinge is wat hy nie mag doen nie. As hy daardie verkeerde dinge doen, dan kan hy nie wen nie. En as hy wen, dan kry hy ’n lourier-krans. Hierdie kransie se blare bly nie lank mooi nie, dit verlep gou. Maar óns wat werk vir die goeie boodskap van Christus, ons kry ’n prys wat altyd mooi bly, dit verlep nooit nie.

26Daarom hardloop ek soos iemand wat baie graag wil wen. Ek slaan soos ’n bokser wat nie in die lug slaan nie, ek slaan soos iemand wat iets wil raakslaan.

27Ek oefen baie hard sodat my liggaam alles kan doen wat ek wil hê dit moet doen. As ek dit nie doen nie, dan help dit nie dat ek vir ander mense preek nie. Want dan sê ek wat hulle moet doen, maar wanneer ek dit self moet doen, dan kan ek dit nie doen nie.

1 Korintiërs 10

Die gemeente moenie afgode dien nie

1Vriende, ek wil hê dat julle goed moet verstaan wat lank gelede gebeur het. Ons voorouers, die Israeliete, was almal onder die wolk en hulle het almal deur die see geloop.

2Hulle is almal in Moses gedoop: Dit beteken Moses het hulle gelei en hulle het saam met hom onder die wolk en deur die see geloop.

3En almal het dieselfde kos geëet wat God vir hulle gegee het.

4En hulle het almal dieselfde water gedrink wat God vir hulle gegee het. Hulle het gedrink van die water wat uit die rots gevloei het. Dit was ’n rots wat God gegee het, en die rots het saam met die Israeliete gegaan. Die rots was Christus.

5Maar God was nie tevrede met die meeste van die Israeliete nie, want Hy het hulle in die woestyn laat sterf.

© Bible Society of South Africa.

6Hierdie dinge het gebeur om vir ons te waarsku. Dit wys vir ons: Ons moenie soos die Israeliete slegte dinge wil hê nie.

7Julle moenie afgode dien nie. Party van die Israeliete het dit gedoen. Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan en wild feesgevier.

8Ons moenie onsedelik lewe nie. Party van die Israeliete het onsedelik gelewe, en toe het daar op één dag 23 000 Israeliete gesterf.

9Ons moenie vir Christus kwaad maak nie. Party van die Israeliete het dit gedoen, en toe het slange hulle doodgepik.

10Ons moenie kla nie. Party van die Israeliete het dit gedoen, en toe het die engel wat mense moet doodmaak, vir hulle doodgemaak.

11Hierdie dinge het met die Israeliete gebeur sodat dit vir ons kan waarsku. Dit is geskryf sodat dit vir ons iets kan leer. Ons moet beter verstaan as die Israeliete, want ons lewe nou in die tyd nádat Christus gekom het.

12Daarom, iemand wat dink dat hy nooit sonde sal doen nie, moet oppas dat hy nie begin om sonde te doen nie.

13Daar gebeur dinge wat vir julle toets, en wat vir julle wil laat ophou om God te dien. Maar julle kan hierdie dinge oorwin. God sal julle altyd help. Hy sal sorg dat hierdie dinge nie sterker is as julle geloof nie. Wanneer die dinge julle wil laat ophou glo, dan sal God julle help om sterk te wees en aan te hou glo.

14Daarom, liewe vriende, julle moet wegvlug van die afgode.

15Ek weet julle is verstandig. Julle moet self besluit of die dinge wat ek nou sê, reg is.

16Wanneer ons by die nagmaal uit die beker drink, dan sê ons dankie dat die Here ons gered het en ons prys Hom. So is ons en Christus saam een, Christus wat sy bloed vir ons gegee het. En wanneer ons die brood eet, dan is ons en Christus saam een, Christus wat sy liggaam vir ons gegee het.

17Daar is één brood. Dit is dieselfde met ons: Ons is baie mense, maar ons is almal saam één liggaam, want ons eet almal saam van die één brood.

18Dit was dieselfde met die Israeliete in die tyd van die Ou Testament. Wanneer hulle van die offer-vleis geëet het, dan het hulle vir God gedien, hulle het aan God behoort.

19Ek sê nie dat die offer-vleis belangrik is of dat die afgode regtig iets beteken nie.

20Maar ek sê dat wanneer die heidene offer, dan dink hulle dat hulle vir ’n god offer, maar hulle offer vir duiwels. En ek wil nie hê dat julle die duiwels moet dien en aan hulle moet behoort nie.

© Bible Society of South Africa.

21Julle kan nie uit die nagmaal-beker van die Here drink en ook uit die beker van
duiwels nie. Julle kan nie by die nagmaal-tafel van die Here sit en ook by die tafel van
duiwels nie.

22As ons dit doen, dan is ons ontrou en ons maak die Here kwaad. En julle weet dat
ons nie sterker is as Hy nie.

Ons moet God prys met alles wat ons doen

23Ja, ons is vry om alles te doen, maar daar is dinge wat nie goed is vir ons nie. Ons is
vry om alles te doen, maar alles maak nie ons geloof sterk nie.

24Ons moenie selfsugtig wees nie en ons moenie net doen wat vir óns goed is nie.
Ons moet doen wat goed is vir ánder mense.

25Julle mag enige vleis eet wat iemand in ’n slaghuis verkoop. Maar julle moenie vra
van waar die vleis kom nie, want as julle miskien hoor dit is offer-vleis, dan sal julle
dink julle doen sonde om dit te eet.

26Want in die Ou Testament is geskryf: Die aarde en alles op die aarde behoort aan
die Here.

27Wanneer ongelowiges julle uitnooi om by hulle te eet, en julle wil by hulle eet, dan
moet julle alles eet wat hulle vir julle gee. Moenie vra van waar die vleis kom nie,
want as julle miskien hoor dit is offer-vleis, dan sal julle dink julle doen sonde om dit
te eet.

28Maar wanneer iemand vir julle sê: “Hierdie is offer-vleis,” dan moet julle dit nie eet
nie, want dan weet julle dit is ’n probleem vir die persoon wat dit vir julle gesê het.

29Jy dink dit is nie sonde nie, maar die ander persoon dink miskien dit is sonde. Nou
vra jy miskien: “Ek mag enige iets eet, hoekom mag ek nie offer-vleis eet nie? Want
ék dink nie ek doen sonde nie, dit is die ánder gelowige wat dink dit is sonde.

30Ek het vir die Here dankie gesê vir die kos wat ek eet. Hoekom sê iemand anders ek
doen sonde wanneer ek kos eet waarvoor ek vir die Here dankie gesê het?”

31Onthou, julle moet God prys met alles wat julle doen, ook wanneer julle eet of
drink.

32Julle moenie só lewe dat dit probleme gee vir Jode of Grieke of vir die mense van
God se kerk nie.

33Kyk wat doen ek: Ek probeer altyd om te vra wat vir ánder mense belangrik is. Ek
doen nie net dinge wat goed is vir mý nie, ek doen dinge wat goed is vir baie mense,
sodat God hulle kan red.

1 Korintiërs 11

1Julle moet doen soos ek doen. En ek doen soos Christus doen.

God en Christus, man en vrou se plek in die gemeente

© Bible Society of South Africa.

2Ek wil julle prys omdat julle altyd probeer onthou wat ek vir julle geleer het. Julle onthou en doen die dinge wat ek by die Here en by die ander apostels gehoor het en wat ek vir julle geleer het.

3Ek wil hê julle moet weet dat Christus die Hoof van elke man is. Die man is die hoof van sy vrou, en God is die Hoof van Christus.

4'n Man wat bid of wat God se boodskap bring, moenie sy hare toemaak nie, want dan eer hy nie vir Christus, sy Hoof, nie.

5Maar 'n vrou wat bid of wat God se boodskap bring, moet 'n sluier oor haar kop dra. As sy nie 'n sluier dra nie, dan eer sy nie haar hoof, haar man, nie, want dan is sy dieselfde soos 'n vrou wat haar kop kaal geskeer het.

6As 'n vrou nie 'n sluier wil dra nie, dan moet sy ook haar hare afsny. Maar julle weet dat dit verkeerd is wanneer 'n vrou haar hare afsny of haar kop kaal skeer. Daarom moet sy 'n sluier dra wanneer sy bid of God se boodskap bring.

7'n Man moenie iets op sy kop dra wanneer hy bid of God se boodskap bring nie, want hy is die hoof in God se plek en hy moet God eer. Maar die vrou moet haar man eer.

8Want God het die man nie uit die vrou gemaak nie, Hy het die vrou uit die man gemaak.

9En God het die vrou gemaak om die man te help, Hy het nie die man gemaak om die vrou te help nie.

10Daarom moet die vrou iets op haar kop dra. So wys sy dat haar man haar hoof is. En dan is die engele ook tevrede.

11Maar onthou: Die man en die vrou behoort altwee aan die Here. Daarom het die man sy vrou nodig, en die vrou het haar man nodig.

12Ja, dit is reg, God het die vrou uit die man gemaak. Maar elke man word uit 'n vrou gebore. En so kom alles van God.

13Julle moet nou self besluit: Is dit reg dat 'n vrou tot God bid wanneer sy niks op haar kop dra nie? Nee.

14Ons sien by al die volke dat dit nie reg is dat 'n man lang hare dra nie.

15Maar as 'n vrou lang hare het en sy maak dit mooi, dan lyk sy pragtig. Want 'n vrou het lang hare gekry sodat sy haar kop kan toemaak.

16As daar iemand is wat oor hierdie dinge wil stry, dan sê ek vir hom: By ons én by die ander gemeentes van God stry ons nie oor hierdie dinge nie. Die vroue dra altyd sluiers wanneer hulle bid of wanneer hulle 'n boodskap van God bring.

Verkeerde dinge by die nagmaal

© Bible Society of South Africa.

17Daar is iets anders wat ek vir julle moet sê, maar ek kan julle nie hieroor prys nie. Wanneer julle in die kerk bymekaar is, dan gebeur daar dinge wat julle geloof nie sterker maak nie, dit maak julle geloof swakker.

18Die eerste ding is: Ander mense het vir my vertel dat daar groepe in julle gemeente is wat teen mekaar is wanneer julle bymekaarkom. En ek dink dit is miskien waar wat daardie mense sê.

19Miskien is dit goed dat daar groepe is by julle, want nou kan ’n mens sien wie behoort regtig aan Christus en wie behoort nie aan Hom nie.

20Wanneer julle gemeente bymekaarkom om nagmaal te vier, dan vier julle nie regtig die nagmaal van die Here nie.

21Want wanneer julle eet, dan is daar party mense wat voor die ander begin eet, en hulle eet dan hulle eie kos. En wat gebeur dan? Party mense kry niks om te eet nie, en ander mense drink te veel.

22Het julle nie huise waar julle kan eet en drink nie? Ja, julle het. Julle wys dat die gemeente van God glad nie belangrik is vir julle nie, want julle verneder die mense wat min het. Wat moet ek vir julle sê? Moet ek julle prys? Nee, nooit nie.

23Ek sê hierdie dinge vir julle, want die Here self het vir my gesê wat die nagmaal is, en ek het dit ook vir julle geleer: Daardie nag toe Judas Iskariot vir die Here Jesus verraai het, het Jesus brood geneem

24en Hy het vir God dankie gesê. Toe het Hy die brood gebreek en gesê: “Dit is my liggaam wat Ek vir julle gee. Wanneer julle die brood breek en eet, dan moet julle aan My dink.”

25Nadat hulle dit geëet het, het Jesus ook die beker geneem en gesê: “Die wyn in hierdie beker is my bloed. My bloed is die bloed van die nuwe verbond. Elke maal wanneer julle die wyn drink, dan moet julle aan My dink.”

26Want elke maal wanneer julle hierdie brood eet en die wyn drink, dan preek julle dat die Here Jesus gesterf het. En julle doen dit totdat Hy weer kom.

Hoe die gemeente die nagmaal reg moet vier

27Daarom, as iemand nie op die regte manier die brood van die Here eet of die wyn van die Here drink nie, dan is hy so skuldig soos die mense wat vir die Here doodgemaak het.

28Elkeen moet eers vir homself ernstig vra of hy verstaan wat die nagmaal beteken en of hy reg lewe. En as hy dink dat hy dit verstaan en dat hy reg lewe, dan mag hy van die brood eet en uit die beker drink.

29Die gemeente is die liggaam van die Here. As jy dit nie verstaan nie, dan eet en drink jy verkeerd by die nagmaal. En dan sal die Here jou straf.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30Daarom is daar baie van julle wat swak en siek is, en daarom het baie mense ook gesterf.

31Ons moet eers vir onsself ernstig vra of ons verstaan wat die nagmaal beteken en of ons reg lewe. As julle dit gedoen het, dan het die Here julle nie gestraf nie.

32Maar as die Here ons straf, dan doen Hy dit soos ’n pa wat sy kinders straf. Hy wil ons nie saam met die mense van die wêreld straf nie.

33My vriende, daarom moet julle vir mekaar wag wanneer julle bymekaarkom om die nagmaal te vier.

34Wanneer iemand honger is, dan moet hy by sy huis eet voordat julle bymekaarkom. As julle dit nie doen nie, dan sal die Here julle straf. Daar is nog ander dinge waaroor ek met julle wil praat, maar ek sal dit doen wanneer ek na julle toe kom.

1 Korintiërs 12

Die Heilige Gees gee verskillende genadegawes

1My vriende, ek wil hê julle moet baie goed verstaan wat die Heilige Gees vir ons gegee het.

2Julle weet dit: Toe julle heidene was, het julle geglo in afgode wat nie kan praat nie. Julle het gedink die afgode kan julle help.

3Daarom sê ek nou vir julle: As die Gees van God in iemand se hart is, dan sal hy nie sê: “Jesus is vervloek” nie. En wanneer iemand sê: “Jesus is die Here,” dan sê hy dit net omdat die Heilige Gees in sy hart is.

4Daar is verskillende genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee.

5En daar is verskillende maniere om die Here te dien in die gemeente, maar dit is dieselfde Here wat sê hoe ons dit moet doen.

6En daar is verskillende wonderwerke, maar dit is dieselfde God wat mense help om al hierdie dinge te kan doen.

7Die Gees wys vir elkeen wat hy moet doen, want die Gees weet wat is goed vir die gemeente.

8Die Gees gee vir die een persoon die genadegawe om altyd te weet wat die regte ding is om te sê. Dieselfde Gees gee vir ’n ander persoon die genadegawe om mooi te kan verduidelik wat God wil hê.

9Dieselfde Gees gee vir ’n ander persoon die genadegawe om sterk in God te glo. Dieselfde Gees gee vir ’n ander persoon die genadegawe om mense gesond te maak.

© Bible Society of South Africa.

10Die Gees gee vir ’n ander persoon die genadegawe om wonderwerke te doen. Hy gee vir ’n ander persoon die genadegawe om die boodskap van God te bring. Hy gee vir ’n ander persoon die genadegawe om te sê of ’n boodskap van God kom of van bose geeste. Hy gee vir ’n ander persoon die genadegawe om in tale te praat. Die Gees gee vir ’n ander persoon die genadegawe om te tolk wanneer iemand in tale praat.

11Dit is dieselfde Gees wat hierdie verskillende genadegawes vir mense gee. Hy gee vir elke gelowige sy eie genadegawe. En Hy besluit self watter genadegawe Hy vir elkeen wil gee.

Die kerk is soos een liggaam wat baie dele het

12’n Mens het een liggaam, maar die liggaam het baie dele. Ja, daar is baie dele, maar die baie dele is saam één liggaam. Christus is ook so.

13Toe ons gedoop is, het die Heilige Gees vir ons almal saam een liggaam gemaak. Ons is Jode, Grieke, slawe en vry mense, maar dieselfde Gees het in ons almal gekom.

14’n Mens se liggaam het nie net een deel nie, dit het baie dele.

15Die voet sê miskien: “Ek is nie ’n deel van die liggaam nie, want ek is nie die hand nie,” maar dan is die voet nog altyd ’n deel van die liggaam.

16Die oor sê miskien: “Ek is nie ’n deel van die liggaam nie, want ek is nie die oog nie,” maar dan is die oor nog altyd ’n deel van die liggaam.

17As die hele liggaam ’n oog was, dink julle die liggaam sou dan kon hoor? As die hele liggaam ’n oor was, dink julle die liggaam sou dan kon ruik? Nee.

18Maar nou het God vir die liggaam verskillende dele gegee. Hy het elke deel gegee soos Hy wou.

19As die hele liggaam net een deel was, dan was daar nie ’n liggaam nie.

20Nou is daar baie dele, maar daar is net een liggaam.

21Die oog kan nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie.” Die kop kan ook nie vir die voete sê: “Ek het julle nie nodig nie.”

22Nee, party dele van die liggaam lyk miskien vir ons swakker as ander dele, maar die liggaam het hulle baie nodig.

23Ons wil nie hê dat mense party dele van die liggaam sien nie, ons is skaam daarvoor, daarom maak ons dit toe met mooi klere.

24Maar daar is dele waarvoor ons nie skaam is nie, ons maak dit nie toe met mooi klere nie. Daar is dele van die liggaam wat vir ons minder belangrik lyk, maar God het die liggaam so gemaak dat daardie dele belangriker is.

© Bible Society of South Africa.

25 En daarom baklei die liggaam nie met homself nie, want die dele sorg vir mekaar.

26 Wanneer een deel swaarkry, dan kry al die dele saam swaar. En wanneer die mense een deel prys, dan is al die dele saam bly.

27 Julle is almal saam die liggaam van Christus, en julle is ook elkeen ’n deel van hierdie liggaam.

28 God gee vir elkeen sy plek in die gemeente. Eerste is daar die apostels, tweede is daar die profete, derde is daar die mense wat vir ander mense leer, dan die mense wat wonderwerke doen, dan die mense wat die genadegawes het om mense gesond te maak, die mense wat vir ander mense help, die mense wat leiers in die gemeente kan wees, en die mense wat in tale praat.

29 Almal is nie apostels nie. Almal is nie profete nie. Almal kan nie vir ander mense leer nie. Almal kan nie wonderwerke doen nie.

30 Almal het nie die genadegawe om ander mense gesond te maak nie. Almal praat nie in tale nie. Almal kan nie tolk wat die mense sê wat in tale praat nie.

31 Maar julle moet bid en hard werk om daardie genadegawes te kry wat vir die gemeente die meeste kan help. En dan wys ek vir julle wat die beste ding is om te doen, die beste pad.

1 Korintiërs 13

Die belangrikste is om lief te wees vir God en vir ander mense

1 Miskien sal ek die tale van mense en van engele kan praat, maar as ek nie lief is vir God en vir ander mense nie, dan is ek soos ’n klok of soos ’n simbaal wat net raas.

2 Miskien sal ek God se boodskap kan bring, en al die geheime kan ken, en alles kan weet. Miskien sal ek so sterk kan glo dat ek berge kan wegskuif, maar as ek nie lief is vir God en vir ander mense nie, dan beteken ek niks.

3 Miskien sal ek al my goed kan weggee, en miskien sal ek myself kan gee sodat mense my slaan en seermaak, en sal ek daaroor spog, maar as ek nie lief is vir God en vir ander mense nie, dan help dit my niks.

4 Iemand wat lief is vir God en vir ander mense, is geduldig en vriendelik, hy is nie jaloers nie, hy spog nie, hy is nie hoogmoedig nie,

5 hy doen nie lelike dinge nie, hy is nie selfsugtig nie, hy word nie gou kwaad nie, hy onthou nie vir altyd dat mense slegte dinge aan hom gedoen het nie,

6 hy is nie bly wanneer mense verkeerde dinge doen aan ander mense nie, hy is baie bly wanneer mense die waarheid praat.

7 Hy word nooit moedeloos nie, hy hou aan om te glo en te hoop, hy bly geduldig.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8Hy hou nie op om lief te wees vir God en vir ander mense nie. Daar is genadegawes wat sal ophou: Om God se boodskap te bring, sal ophou. Om in tale te praat, sal ophou. Om baie dinge te weet, sal stop.

9Want ons weet net ’n bietjie, en ons bring net ’n bietjie van God se boodskap.

10Maar eendag, wanneer alles is soos God dit wil hê, dan sal die dinge wat ons nou ken en het, nie meer nodig wees nie.

11Toe ek ’n kind was, het ek dinge gesê soos ’n kind dit sê, ek het gedink soos ’n kind, en ek het oor die lewe gepraat soos ’n kind. Maar toe ek ’n grootmens geword het, het ek die dinge van ’n kind gelos.

12In hierdie lewe sien ons alles baie dof, ons sien dinge soos in ’n dowwe spieël. Maar eendag sal ons alles helder sien, soos wanneer ’n mens voor iemand staan en jy kan sy gesig goed sien. Nou weet ek nog nie alles nie. Maar eendag sal ek alles weet, soos God nou alles van my weet.

13Daar is net drie dinge wat regtig belangrik is, en dit is: om aan te hou glo, om aan te hou hoop, en om lief te wees vir God en vir ander mense. Maar die belangrikste is om lief te wees vir God en vir ander mense.

1 Korintiërs 14

Die genadegawe om God se boodskap te bring

1Julle moet nooit ophou om lief te wees vir God en vir ander mense nie. Maar julle moet ook bid en hard werk vir die dinge wat die Heilige Gees vir julle gee, en die belangrikste wat Hy vir julle gesê het, is dat julle God se boodskap moet bring vir ander mense.

2Want wanneer iemand in tale praat, dan praat hy nie met mense nie, hy praat met God. Niemand verstaan dit nie, want hy praat geheime wat die Gees vir hom gee.

3Maar wanneer iemand die boodskap van God bring, dan praat hy met mense. En dit maak hulle geloof sterk, dit help hulle om aan te hou glo en dit troos hulle.

4Wanneer iemand in tale praat, dan maak hy sy eie geloof sterk. Maar wanneer iemand die boodskap van God bring, dan maak hy die mense van die kerk se geloof sterk.

5Ek wil graag hê dat julle almal in tale moet praat. Maar ek wil nog meer hê, ek wil hê dat julle God se boodskap moet bring. Iemand wat God se boodskap bring, is belangriker as iemand wat in tale praat. Iemand moet tolk en sê wat die persoon sê wat in tale praat. Dan sal dit goed wees vir die gemeente, want dan maak dit die gemeente se geloof sterk.

© Bible Society of South Africa.

6Vriende, dink nou goed hieroor: As ek na julle toe kom en ek praat in tale, dink julle dit kan vir julle help? Nee, ek kan julle net help wanneer ek vir julle iets sê wat God vir my gewys het of wanneer ek vir julle verduidelik wat God wil hê of wanneer ek God se boodskap bring of wanneer ek vir julle iets leer.

7Dit is dieselfde met musiek-instrumente, dinge wat nie lewe nie. Dink aan ’n fluit of ’n harp. As iemand nie ’n fluit reg blaas nie of hy speel nie reg op ’n harp nie, dan sal ’n mens nie weet watter musiek dit is nie.

8En wanneer iemand nie hard en duidelik op die trompet blaas sodat almal dit kan hoor nie, dan sal die soldate nie gereedmaak om oorlog te maak nie.

9Dit is dieselfde in die gemeente. Wanneer iemand praat, maar julle kan nie verstaan wat hy sê nie, sal julle dan weet wat die persoon wil sê? Nee. Dan is dit soos wanneer iemand praat, maar die wind waai sy woorde weg.

10Daar is baie tale in die wêreld. En elke taal het mense wat die woorde verstaan.

11Maar as ek nie verstaan wat iemand sê nie, dan is ek vir hom soos iemand wat die taal praat van ’n ander land en hy is vir my soos iemand van ’n ander land.

12Dit moenie so wees by julle nie. Julle wil graag die dinge hê wat die Heilige Gees vir julle gee. Daarom moet dit vir julle baie lekker wees om die mense in die gemeente se geloof sterk te maak.

13Daarom, wanneer iemand in tale praat, dan moet hy ook bid dat hy sal kan sê wat dit beteken.

14Want wanneer ek in tale bid, dan bid my hart, maar ek dink nie met my verstand wat ek bid nie.

15Wat moet ek dan doen? Ek sal bid met my hart, maar ek sal ook bid met my verstand. Ek sal vir die Here sing met my hart, maar ek sal ook met my verstand vir die Here sing.

16Maar onthou: Wanneer jy met jou hart bid en jy prys die Here, dan is daar miskien iemand wat nie die genadegawe het om tale te verstaan nie. Kan daardie persoon dan saamstem en “amen” sê wanneer jy vir die Here dankie sê? Nee, want hy verstaan nie wat jy sê nie.

17Jy sê miskien mooi dankie vir die Here, maar dit maak nie die ander persoon se geloof sterk nie.

18Ek sê dankie vir God dat ek meer as julle almal in tale praat.

19Maar vir my is dit beter om in die gemeente net vyf woorde met my verstand te praat as om 1 000 woorde in tale te praat. Want as ek met my verstand praat, dan kan ek vir die gemeente leer.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Vriende, julle moenie soos kinders dink nie. Ja, wanneer julle verkeerde dinge wil doen, dan moet julle soos babas wees. Maar julle moet soos grootmense dink.

21In die Ou Testament is geskryf: Die Here sê: “Ek sal met hierdie volk praat in tale wat hulle nie ken nie, in die tale van mense van ander lande, maar ook dán sal hulle nie luister na My nie.”

22Dit beteken: Die genadegawe om in tale te praat, is ’n teken vir mense wat nie glo nie. Dit is nie ’n teken vir mense wat glo nie. Maar die genadegawe om God se boodskap te bring, is ’n teken vir mense wat glo, dit is nie ’n teken vir mense wat nie glo nie.

23Daarom, wanneer die hele gemeente bymekaarkom en daar kom miskien mense in wat nie vir julle ken nie, dan sal hulle dink julle is mal. Of as daar mense inkom wat nie in Christus glo nie, dan sal hulle ook dink julle is mal.

24Maar as almal die boodskap van God bring, en daar kom iemand in wat nie in Christus glo nie, of dit is iemand wat nie vir julle ken nie, dan sal hy voel almal praat met hom oor die dinge wat verkeerd is in sy lewe. Hy sal voel almal sê vir hom dat God hom sal straf oor sy sondes.

25Hy sal sê dit is waar dat daar slegte dinge diep in sy hart is, dinge waarvan niemand weet nie. En dan sal hy buig en vir God aanbid en sê: “God is regtig hier by julle.”

Wat die gemeente moet doen wanneer hulle bymekaarkom

26Vriende, wat beteken dit alles? Dit beteken dat wanneer julle bymekaarkom, dan het elkeen ’n genadegawe, hy kan die Here daarmee dien. Daar is verskillende genadegawes: om ’n lied te sing, om iets vir ander mense te leer, om te vertel wat die Here vir jou gewys het, om in tale te praat, of om daardie tale te kan tolk. Maar onthou, alles moet só gebeur dat dit julle geloof sterker maak.

27As mense in tale wil praat, dan moet dit net twee persone wees wat praat, of nie meer as drie persone nie. Hulle moenie saam praat nie, hulle moet ná mekaar praat wanneer dit hulle beurt is om te praat. En daar moet iemand wees wat kan tolk en sê wat dit beteken.

28As daar nie iemand is wat kan tolk nie, dan moet die een wat in tale praat, stilbly, dan moet hy nie praat daar waar die gemeente bymekaarkom nie. Hy moet praat daar waar hy alleen is en waar hy sy eie geloof sterk kan maak en met God kan praat.

29En wanneer die profete God se boodskap bring, dan moet dit ook net twee of drie profete wees wat praat. Die ander profete moet luister of hulle reg praat.

30En as een profeet praat en God wys vir ’n ander profeet iets wat hy dadelik vir die gemeente moet sê, dan moet die eerste profeet ophou praat.

31Elke profeet kan ’n beurt kry om God se boodskap vir die gemeente te bring. En so leer God vir almal en so maak Hy almal se geloof sterk.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

32Julle moet onthou, ’n profeet kan besluit om op te hou praat en hy kan vir ’n ander profeet ’n beurt gee om te praat.

33Want God wil hê dat alles wat julle doen, reg moet wees wanneer julle bymekaarkom, dit moenie deurmekaar wees nie, want God hou van vrede. Vroue praat nie in een van die gemeentes nie,

34en hulle moet dit ook nie by julle doen nie. God wil dit nie hê nie, die vroue moet luister na hulle mans. Die Ou Testament sê dieselfde.

35As die vroue iets wil weet, dan moet hulle dit by die huis vir hulle mans vra, want dit is nie mooi wanneer ’n vrou in die kerk praat nie.

36Julle is nie die eerste gemeente wat die boodskap van God gebring het nie, en julle is ook nie die enigste gemeente wat die boodskap gehoor het nie.

37As iemand ’n profeet of ’n geestelike mens is, dan sal hy weet dat die dinge wat ek vir julle skryf, dinge is wat die Here self sê.

38En as iemand nie aanvaar wat ek skryf nie, dan sal die Here hom ook nie aanvaar nie.

39My vriende, daarom moet julle aanhou om God se boodskap te bring, maar julle moenie die mense keer wat in tale praat nie.

40En julle moet onthou, alles moet só gebeur dat niks deurmekaar is in die gemeente nie, en elke ding moet ’n beurt kry op die regte tyd.

1 Korintiërs 15

God het vir Christus weer laat lewe

1Vriende, ek wil hê julle moet die goeie boodskap baie goed verstaan, die goeie boodskap wat ek vir julle gebring het. Julle het die boodskap geglo, julle is seker dat die boodskap waar is,

2en dit red julle. Maar dan moet julle aanhou om die goeie boodskap te glo soos ek dit vir julle gebring het. As julle iets anders glo, dan beteken dit niks dat julle glo nie.

3Die belangrikste dinge wat ek vir julle geleer het, het die ander apostels vir my geleer, en dit is: Christus het ons sondes weggeneem toe Hy gesterf het. Dit het gebeur soos daar in die Ou Testament geskryf is.

4Christus is begrawe, en God het Hom op die derde dag weer laat lewe. Dit het gebeur soos daar in die Ou Testament geskryf is.

5Christus het verskyn aan Sefas, en daarna het Hy ook verskyn aan die twaalf apostels.

© Bible Society of South Africa.

6Daarna het Hy aan meer as 500 gelowiges op dieselfde tyd verskyn. Baie van hulle lewe vandag nog, maar party het klaar gesterf.

7Daarna het Christus aan Jakobus verskyn, en toe aan al die apostels.

8Laaste het Hy aan my verskyn. Ek was glad nie belangrik nie.

9Ek is die minste belangrik van al die apostels. Ek is nie goed genoeg om ’n apostel te wees nie, omdat ek voorheen baie slegte dinge gedoen het aan die mense van die kerk van God.

10Maar God was genadig vir my, daarom is ek nou ’n apostel. Ja, God was genadig vir my, ek het daarna harder gewerk as al die ander apostels. Maar dit is nie ék wat so goed was nie, dit was Gód wat so genadig was vir my en wat altyd saam met my was.

11Dit maak nie saak wie vir julle preek nie, ek of die ander apostels. Die belangrikste is dat ons almal dieselfde boodskap bring en dat julle dit geglo het.

God laat die mense wat dood is, weer lewe

12Ons, die apostels, bring die boodskap dat God vir Christus weer laat lewe het. Hoekom sê party van julle dat die dooie mense nie weer sal lewe nie?

13As die dooie mense nie weer sal lewe nie, dan het God ook nie vir Christus weer laat lewe nie.

14En as God nie vir Christus weer laat lewe het nie, dan beteken ons boodskap niks, en dan beteken julle geloof ook niks.

15Dan is ons ook vals getuies van God, omdat ons vertel dat God vir Christus weer laat lewe het. Want as die mense wat gesterf het, nie weer sal lewe nie, dan is dit nie waar dat God vir Christus weer laat lewe het nie.

16Ja, ek sê dit weer: As die mense wat gesterf het, nie weer sal lewe nie, dan het God ook nie vir Christus weer laat lewe nie.

17En as God nie vir Christus weer laat lewe het nie, dan beteken julle geloof niks, dan is julle nog nie vry van julle sondes nie.

18Dan het die mense wat aan Christus behoort het en gesterf het, verlore gegaan.

19As ons hoop dat Christus ons red net vir hierdie lewe op die aarde, dan moet al die mense baie jammer wees vir ons.

20Maar nee, God het vir Christus weer laat lewe, dit is seker. Christus is die eerste Een van almal wat gesterf het, en God het Hom weer laat lewe.

21’n Mens, Adam, het gesterf, en van toe af het almal in die wêreld gesterf. Maar nou het God ’n ander Mens, Christus, weer laat lewe, en daarom sal al die gelowiges wat gesterf het, ook weer lewe.

© Bible Society of South Africa.

22Ons is almal die nageslag van Adam, daarom sterf ons almal. Maar ons behoort ook
aan Christus, en daarom sal God ons ook almal weer laat lewe.

23Elkeen kry ’n beurt. Christus is die Eerste, God het vir Christus weer laat lewe.
Later, wanneer Christus weer kom, sal die mense wat aan Hom behoort, ook weer
begin lewe.

24Daarna sal die einde kom. Die einde is wanneer Christus alles waaroor Hy regeer,
vir God die Vader gee, en wanneer Christus almal en alles sal oorwin wat oor die
wêreld wil regeer.

25Want Christus moet regeer. Hy sal regeer totdat God Hom laat wen het teen al sy
vyande.

26Die laaste vyand wat oorbly, is die dood. Maar Christus sal die dood ook oorwin.

27Ja, in die Ou Testament is geskryf: God het alles vir Hom gegee sodat Hy daaroor
kan regeer. Maar wanneer God sê: “Christus moet oor alles regeer,” dan moet ons
dit reg verstaan. Dit beteken nie dat Christus ook oor God regeer nie, want God is die
Een wat alles vir Christus gegee het sodat Christus daaroor kan regeer.

28Wanneer God alles vir Christus gegee het sodat Christus daaroor kan regeer, dan
sal Christus, die Seun, Homself ook vir God gee. Julle moet onthou, God is die Een
wat alles vir Christus gegee het sodat Christus daaroor kan regeer. Daarom sal God
aan die einde ook oor Christus regeer, en dan sal God oor alles en almal regeer.

29Daar is iets anders waaroor ons ook moet dink. Party mense laat hulle doop, en
dan sê hulle dat hulle dit doen vir die mense wat gesterf het en wat hulleself nie kon
laat doop nie. Maar hoekom doen hulle dit as die mense wat gesterf het, nie weer sal
lewe nie?

30En ook, as die mense wat dood is, nie weer sal lewe nie, hoekom doen ons elke dag
vir God dinge waaroor ander mense ons wil doodmaak?

31My vriende, daar is elke dag mense wat my wil doodmaak. Dit is waar, en dit is ook
waar dat ek trots is op julle. Ek is trots op julle omdat Christus Jesus ons Here my
werk by julle geseën het.

32Ek het in Efese geveg teen mense wat soos wilde diere was en wat my wou
doodmaak. Het dit vir my gehelp? Nee, as die mense wat dood is, nie weer sal lewe
nie, dan moes ek ook gesê het: Kom ons eet en drink, want môre sterf ons.

33Julle moenie verkeerd dink nie. Julle moet onthou wat die spreekwoord sê: As jy
verkeerde maats het, dan word jy ’n slegte mens.

34Julle moet verander, julle moet ophou om sonde te doen. Party van julle dink
verkeerd wanneer julle oor God dink. Ek sê dit omdat ek wil hê julle moet skaam
word.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Hoe lyk die liggame van die mense wat weer lewe?

35 Party mense vra: “Hoe sal dit wees wanneer die mense wat dood is, weer lewe?
Hoe sal hulle liggame lyk?”

36 Hoekom vra mense hierdie dom vrae? Kyk wat gebeur wanneer ’n mens saad
plant. Die saad moet eers sterf voordat dit weer lewe.

37 En wanneer ’n mens saad plant, dan lyk die saad nie soos die plant wat later begin
groei nie. ’n Mens plant ’n koringkorrel of iets anders.

38 Maar God gee vir die saad ’n plant of ’n liggaam soos Hy besluit het. Hy gee vir elke
soort saad ’n ander liggaam.

39 Al die plante of liggame lyk nie dieselfde nie. Daar is liggame van mense, liggame
van diere, van voëls, en van visse.

40 En daar is ook hemelse liggame, die son, die maan en die sterre, en daar is liggame
van dinge op die aarde. Hemelse liggame is baie mooi, maar dit is anders mooi as die
liggame op die aarde.

41 Die son, die maan en die sterre is almal mooi, maar hulle is nie dieselfde nie. Ja,
daar is baie sterre, en elke ster is mooi, maar hulle is nie dieselfde nie.

42 So sal dit ook wees wanneer God die mense wat dood is, weer laat lewe. Die
mense begrawe ’n liggaam soos hulle ’n koringkorrel in die grond plant, en die
liggaam word stof, maar God laat ’n liggaam lewe wat nie stof kan word nie.

43 Die mense begrawe ’n liggaam wat lelik is, maar God laat ’n liggaam lewe wat mooi
is. Die mense begrawe ’n liggaam wat swak is, maar God laat ’n liggaam lewe wat
sterk is.

44 Die mense begrawe ’n liggaam wat nie alles kan doen wat God wil hê nie, maar
God laat ’n liggaam lewe wat alles kan doen wat God wil hê. As daar ’n liggaam is wat
nie alles kan doen wat God wil hê nie, dan moet daar ook ’n liggaam wees wat alles
kan doen wat God wil hê.

45 In die Ou Testament is geskryf: Adam, die eerste mens, het iemand geword wat
lewe. Maar die laaste Adam, Christus, het iemand geword wat geestelike lewe gee.

46 Julle moet onthou, die liggaam wat alles kan doen wat God wil hê, is nie eerste nie.
Die liggaam wat nie alles kan doen wat God wil hê nie, is eerste, daarna kom die
ander liggaam.

47 God het die eerste mens gemaak van die stof van die aarde. Maar die tweede
Mens kom uit die hemel.

48 Die mense van stof is soos Adam, hy was die eerste mens van stof. Die mense van
die hemel is soos Christus, Christus is die Mens uit die hemel.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

49Nou is ons soos die mens van stof, maar eendag sal ons wees soos die Mens uit die hemel.

50Vriende, julle moet dit weet: Ons kan nie eendag wees daar waar God Koning is terwyl ons die liggame het wat ons nou het nie. Nee, ’n liggaam wat stof word, kan nie ’n liggaam word wat altyd sal lewe nie.

51Nou gaan ek iets vir julle vertel wat niemand voorheen geweet het nie. Ons sal nie almal sterf nie, maar God sal ons almal verander.

52Dit sal baie vinnig gebeur, so vinnig soos ’n mens jou oog knip. Dit sal gebeur wanneer die laaste trompet blaas. Die trompet sal blaas, en dan sal God die mense wat dood is, weer laat lewe. Hulle liggame sal nooit stof kan word nie. God sal ons ook verander, ons wat nog sal lewe wanneer Christus weer kom.

53Want hierdie liggaam kan stof word, maar God moet vir ons ’n ander liggaam gee wat nie stof kan word nie. Hierdie liggaam kan sterf, maar God moet vir ons ’n ander liggaam gee wat nie kan sterf nie.

54-55Wanneer God dit alles gedoen het, wanneer Hy vir ons ’n liggaam gegee het wat nie stof kan word en wat nie kan sterf nie, dan sal die woorde waar word wat in die Ou Testament geskryf is: God het die dood heeltemal oorwin. Dood, dink jy dat jy altyd sal oorwin? Nee, jy sal nie. Dood, dink jy dat jy sal aanhou om mense te laat sterf soos wanneer bye mense doodsteek met hulle angels? Nee.

56Die dood kry sy angel van die sonde. En die sonde kry sy krag van die wette.

57Maar ons moet vir God dankie sê. Hy het ons laat oorwin omdat ons aan ons Here Jesus Christus behoort.

58My vriende, ek is baie lief vir julle. Ons Here Jesus Christus lewe weer, daarom moet julle aanhou glo. Julle moet ook nie verkeerde dinge glo nie. Julle moet hard werk vir die Here, want julle weet: As julle vir die Here werk, dan sal julle nooit jammer wees daaroor nie.

1 Korintiërs 16

Paulus maak geld bymekaar vir die gelowiges in Jerusalem

1Ek is besig om geld bymekaar te maak vir die gelowiges in Jerusalem. Ek het klaar vir die gemeentes in Galasië gevra om geld te gee. Nou vra ek ook vir julle.

2Julle moet elkeen elke Sondag by die huis ’n bietjie geld bêre. Julle kan van die geld bêre wat julle nie gebruik het nie. En wanneer ek kom, dan sal ek nie vir julle geld vra nie omdat julle dan klaar geld gespaar het.

© Bible Society of South Africa.

3Julle mag self die mense kies wat die geld na Jerusalem moet neem. Wanneer ek kom, dan sal ek briewe skryf wat sal sê dat hierdie mense goeie gelowiges is. Ek sal hulle dan stuur om julle present na Jerusalem te neem.

4As dit reg is dat ek ook gaan, dan kan hulle saam met my gaan.

Paulus sê wat sy planne is

5Ek wil eers deur Masedonië gaan. Daarna sal ek ook na julle toe kom.

6Ek sal miskien by julle kuier, miskien bly ek die hele winter daar by julle. Dan kan julle my help wanneer ek weer verder moet gaan.

7Ek sal nie nou dadelik kom nie, want dan kan ek net ’n kort tydjie bly. As die Here wil, dan sal ek graag lank by julle wil kuier.

8Ek sal in Efese bly tot die fees,

9want die Here het nou vir my gehelp sodat ek hier belangrike werk vir Hom kan doen. Maar daar is baie mense wat vyande is van die goeie boodskap.

10Wanneer Timoteus na julle toe kom, dan moet julle goed sorg vir hom. Hy moet vir niemand daar by julle bang wees nie. Onthou, hy werk ook vir die Here, soos ek.

11Niemand mag dink Timoteus is nie belangrik nie. Julle moet hom goed help wanneer hy verder moet gaan, sodat hy kan terugkom na my toe. Ek wil hom en die ander gelowiges graag weer sien.

12Ek wou baie graag hê dat Apollos ook saam met die ander gelowiges na julle toe moes gaan. Maar hy het gedink dat dit nie nou die regte tyd is om te gaan nie. Hy sal gaan wanneer hy kan.

Paulus stuur groete

13Julle moet oppas dat die duiwel julle nie verlei nie. Julle moet aanhou glo in die Here. Julle moet dapper en sterk wees.

14Julle moet alles met liefde doen.

15Julle weet dat Stefanas en sy mense die eerste mense in die provinsie Agaje was wat gelowiges geword het. En hulle het baie gedoen om die ander gelowiges te help. Vriende, ek vra mooi

16dat julle ook vir leiers soos Stefanas en sy mense moet help. Ja, julle moet vir almal help wat hard werk vir die Here.

17Ek is baie bly dat Stefanas, Fortunatus en Agaïkus hier by my gekuier het. Dit het my gehelp om nie so baie te verlang na julle nie.

18Hulle het my weer lekker laat voel. En ek is seker hulle het julle harte ook bly gemaak toe hulle al die nuus oor my vir julle vertel het. Julle moet goed luister na hulle.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

19 Die gemeentes in Asië stuur groete vir julle. Akwila en Priska stuur ook groete. Die
gelowiges wat altyd in hulle huis bymekaarkom, stuur ook groete. Hulle stuur baie
vriendelike groete omdat julle en hulle almal aan die Here behoort.

20 Al die gelowiges stuur groete vir julle. Julle moet mekaar groet met die soen wat
wys dat julle almal aan Christus behoort.

21 Ek skryf nou hierdie laaste paar woorde met my eie hand sodat julle kan sien dat
hierdie brief regtig van my kom.

22 As iemand nie lief is vir die Here nie, dan sal die Here hom straf. Ons Here, U moet
asseblief kom!

23 Die Here Jesus sal genadig wees vir julle.

24 Ek is baie lief vir julle almal, want ons behoort aan Christus Jesus.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 Korintiërs

2 Korintiërs 1

1 God het besluit om vir my, Paulus, ’n apostel van Christus Jesus te maak. Ek en
Timoteus, wat ook ’n gelowige is, skryf nou hierdie brief vir julle, die gemeente van
God daar in die stad Korinte. Ons skryf ook vir almal wat aan God behoort, oral in die
provinsie Agaje.

2 Ons bid dat God ons Vader en die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle en
dat Hy vir julle vrede sal gee.

Paulus vertel hoe swaar hy gekry het in die provinsie Asië

3 Almal moet vir God, die Vader van ons Here Jesus Christus, prys. God is die Vader
wat baie goed is vir ons en Hy is die God wat altyd vir ons bemoedig.

4 Hy bemoedig ons wanneer ons swaarkry, dit maak nie saak wat die swaarkry is nie.
Dan kan ons ook ander mense bemoedig wat swaarkry, dit maak nie saak wat hulle
swaarkry is nie. Ons kan dit doen omdat God vir ons bemoedig.

5 Ja, ons kry baie maal swaar omdat ons aan Christus behoort. Maar so bemoedig
God ook baie maal vir ons omdat ons aan Christus behoort.

6 Wanneer ons swaarkry, dan kry ons swaar sodat ons vir julle kan bemoedig en sodat
julle geestelik kan lewe. Wanneer God vir ons bemoedig, dan doen Hy dit sodat ons
vir julle kan bemoedig. Wanneer julle swaarkry, dan voel julle hoe ons swaarkry en
dan voel julle ook hoe God vir julle bemoedig.

7 Ons hoop dat daar goeie dinge met julle sal gebeur, en dit is seker dat dit sal
gebeur. Julle kry ook swaar soos ons, daarom weet ons dat God vir julle ook sal
bemoedig soos Hy vir ons bemoedig het.

8 Vriende, ons wil hê dat julle moet weet hoe swaar ons gekry het in Asië. Ons het
baie swaar gekry, dit was vir ons te veel, ons het gedink ons sal doodgaan.

9 Ons het gevoel soos mense wanneer die regter besluit het dat hulle moet sterf. Ons
kon onsself nie meer help nie. Ons kon net vertrou op God omdat Hý die Een is wat
mense weer laat lewe nadat hulle gesterf het.

10 God het ons gered uit hierdie groot gevaar, uit die dood. Hy sal ons weer red. Ons
hoop en ons is seker dat Hy ons altyd sal red.

11 Julle help ons ook baie wanneer julle vir ons bid. As God ons red, dan is daar baie
mense in die gemeente wat vir God dankie sê omdat Hy ons gered het.

Paulus sê hoekom hy nie weer na Korinte gekom het nie

12 Ons is trots daarop dat ons reg gedoen het aan al die mense en spesiaal aan julle.
As ons goed dink daaroor, dan weet ons in ons harte dat dit Gód is wat ons so reg

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

laat lewe het. Ons het dit reggekry omdat God genadig was vir ons, nie omdat die wêreld ons so slim gemaak het nie.

13Die dinge wat julle in ons briewe lees, is die dinge wat ons vir julle wil sê, en julle moet dit so verstaan. Ek hoop dat julle alles meer en meer sal verstaan

14soos julle klaar begin het om ons te verstaan. Ja, ons wil hê dat julle trots sal wees op ons, so trots soos ons sal wees op julle, daardie dag wanneer ons Here Jesus weer kom.

15Ek was seker dat julle verstaan, en daarom het ek besluit om eers na julle toe te kom, sodat julle twee maal bly kan wees wanneer julle my sien.

16Want ek wou eers na julle toe gaan en dan na die provinsie Masedonië. Ek wou dan weer van Masedonië terugkom na julle toe. Ek wou hê dat julle my moet help om na die provinsie Judea te gaan.

17Dit is wat ek wou doen. Ek het nie vir julle ’n leuen vertel nie, maar toe het ek nie van Masedonië teruggekom na julle toe nie. Ek het nie gedoen soos die mense van die wêreld doen nie. Hulle doen nie wat hulle sê nie. Hulle sê “ja,” maar dit kan ook “nee” wees.

18Julle weet dat God doen wat Hy belowe. So doen ons ook wat ons belowe. Wanneer ons “ja” sê, dan is dit “ja,” en wanneer ons “nee” sê, dan is dit “nee.”

19Julle moet onthou dat ek en Silvanus en Timoteus die boodskap oor die Seun van God, Jesus Christus, vir julle gebring het. En julle weet dat Jesus nie “ja” én “nee” is nie. Jesus is God se “ja.”

20Want alles wat God belowe het, het waar geword toe Christus gekom het. Daarom, wanneer ons “amen” sê, dan sê ons dat alles waar is wat ons van Christus glo. En so prys ons vir God.

21God is die Een wat vir ons sê dat ons en julle saam aan Christus behoort. God het ook gesê dat ons vir Hom moet werk.

22Hy het gewys dat ons aan Hom behoort toe Hy die Heilige Gees in ons harte gegee het. Die Heilige Gees sê vir ons dat ons altyd aan Hom sal behoort.

23Ek het toe nie van Masedonië na Korinte teruggekom nie. Hoekom nie? Dit was omdat ek jammer was vir julle. God weet dit is waar, Hy kan my straf as ek nie die waarheid praat nie.

24Julle moenie dink dat ek vir julle wil sê hoe julle moet glo nie. Nee, ons wil graag saam met julle werk sodat julle bly kan wees, want julle hou nog altyd aan om te glo.

2 Korintiërs 2

© Bible Society of South Africa.

1Ja, ek het vas besluit dat ek nie weer na julle toe sal kom as dit julle sleg sal laat voel nie.

2Want as ek julle sleg laat voel, wie sal dan vir mý bly maak? Dit is net julle wat vir my bly kan maak, maar nou laat ek julle sleg voel.

3Ek het vir julle geskryf oor dinge wat verkeerd is by julle. Ek het dit gedoen sodat ek nie sleg sal voel wanneer ek weer by julle kom nie. Julle moet onthou dat júlle die mense is wat vir mý bly moet maak. En ek is seker dat julle almal ook bly wil wees soos ek bly is.

4Toe ek vir julle geskryf het, was ek baie bekommerd en ek was baie hartseer. Ek het baie gehuil toe ek daardie brief geskryf het. Maar ek het dit nie geskryf om julle sleg te laat voel nie. Nee, ek wou hê julle moet weet dat ek baie lief is vir julle.

Paulus vra dat die gemeente die persoon moet vergewe wat probleme gemaak het

5Die persoon in julle gemeente wat probleme gemaak het, het nie regtig vir my hartseer gemaak nie. Daardie persoon het vir júlle almal hartseer gemaak. Nee, ek praat verkeerd, hy het amper vir almal hartseer gemaak.

6Die meeste mense in die gemeente was kwaad vir daardie persoon, daarom het hy nou genoeg straf gekry.

7Dit sal beter wees as julle hom nou vergewe en hom bemoedig, sodat die straf en die hartseer nie te veel word vir hom nie.

8Daarom vra ek mooi vir julle om lief te wees vir hom.

9Dit is ook hoekom ek vir julle geskryf het. Ek wou weet of julle goeie gelowiges is, of julle luister na alles wat ek vir julle geleer het.

10As julle iemand vergewe wat iets verkeerd gedoen het, dan vergewe ek hom ook. Dit was nie so belangrik dat ék daardie persoon moes vergewe nie, maar toe ek hom vergewe het, het ek dit gedoen om vir julle te leer hoe julle saam met ander mense moet lewe. Ek het dit ook gedoen omdat ek vir Christus werk.

11Julle moet onthou, die Satan mag ons nie verkeerd laat besluit met sy skelm planne nie. Ons weet watter planne hy altyd het. Hy wil ons keer sodat ons nie reg lewe nie.

Die goeie boodskap oor Christus is slegte nuus vir party mense en goeie nuus vir ander mense

12Toe ek in die stad Troas gekom het, was die Here by my, sodat ek die goeie boodskap oor Christus maklik kon preek.

13Maar ek was baie bekommerd omdat ek nie vir Titus daar gekry het nie. Titus is my vriend wat saam met my werk vir die Here. Daarom het ek die mense van Troas gegroet en na die provinsie Masedonië gegaan.

© Bible Society of South Africa.

14Ons moet vir God dankie sê, Hy wys altyd vir almal dat ons aan Christus behoort en dat Christus die Koning is wat sy vyande oorwin het. God gebruik ons sodat mense oral vir Christus kan leer ken. Dit is soos wanneer ’n mens iets ruik.

15God red party mense en party mense gaan verlore. Wanneer ons die boodskap oor Christus preek, dan is dit soos wanneer die mense iets ruik.

16Die boodskap ruik baie sleg vir die mense wat verlore gaan, dit ruik soos iets wat dood is. Maar die boodskap ruik baie lekker vir die ander mense, want God red hulle, en die boodskap bring lewe. Ja, dit is baie moeilik vir ’n mens om God se boodskap te bring.

17Want ons is nie soos baie ander mense wat die boodskap van God bring om geld te kry nie. Nee, wanneer ons preek, dan is ons eerlik. Want God het ons gestuur, ons weet dat Hy ons altyd kan sien, en ons behoort aan Christus.

2 Korintiërs **3**

Paulus se werk is om die nuwe verbond te preek

1Moet ons weer begin en sê wie ons is en hoekom julle ons kan glo? Nee, ons vra nie soos ander mense dat julle of ander mense briewe moet skryf om te sê dat ons vir julle mag preek en dat ons dit goed doen nie.

2Júlle is ons brief. Christus het hierdie brief op ons harte geskryf, en al die mense ken hierdie brief en hulle lees dit.

3Julle wys duidelik dat julle ’n brief van Christus is. En Christus het vir ons gebruik om hierdie brief te skryf. Ons het nie die brief met ink geskryf nie. Nee, die Gees van God, God wat lewe, het dit geskryf. Hy het dit nie op plat klippe geskryf nie, maar op mense se harte.

4Dit is seker. Ons kan dit eerlik sê omdat ons aan Christus behoort, God kan hoor wat ons sê.

5Ons sê dit nie omdat ons dink dat ons self baie goed is nie, ons sê dit omdat God ons goed genoeg gemaak het om sy werk te doen.

6God het ons goed genoeg gemaak om die werk te kan doen, ons moet vir mense vertel van ’n nuwe verbond. ’n Mens skryf hierdie verbond nie met letters op papier nie, nee, die Heilige Gees skryf dit. Letters op papier bring die dood, maar die Gees laat mense lewe.

7Die werk wat Moses moes doen, het mense laat sterf. God het die letters van daardie werk op plat klippe geskryf. Moses se werk was om die wette van God die Koning na die volk toe te neem. Daarom kon die Israeliete nie na Moses se gesig kyk nie, sy gesig het te veel geblink. Moses se werk het ’n wonderlike ding laat gebeur, maar dit gebeur nou nie meer nie.

© Bible Society of South Africa.

[8]Die werk van die Gees kan baie meer wonderlike dinge laat gebeur.

[9]Die werk wat vir mense straf gebring het, het wonderlike dinge laat gebeur, maar die werk wat vir mense vryspreek, sal nog baie meer wonderlike dinge laat gebeur. Dit sal die beste van alles wees.

[10]Ja, die werk wat Moses gedoen het, het wonderlike dinge laat gebeur, maar nou is dit nie meer so nie. Dit is omdat die werk van die Gees baie meer wonderlike dinge laat gebeur.

[11]Die werk van Moses wat nou verby is, het wonderlike dinge laat gebeur, maar die werk van die Gees wat nou gekom het en wat altyd sal bly, sal baie meer wonderlike dinge laat gebeur.

[12]Ons is baie seker dat daar nou ’n nuwe verbond is. Daarom is ons nie bang om te preek nie.

[13]Moses het ’n sluier oor sy gesig gesit, maar ons doen nie dieselfde nie. Moses het dit gedoen sodat die Israeliete nie kon sien dat die tyd van die verbond amper verby is nie.

[14]God het die Israeliete hardkoppig gemaak. Wanneer hulle vandag die woorde van die ou verbond lees, dan kan hulle nie die waarheid sien nie, dieselfde sluier is nog daar. Die sluier bly daar omdat God dit net wegneem wanneer iemand in Christus glo.

[15]Ja, tot vandag toe hang daar ’n sluier oor die Israeliete se hart wanneer hulle die Wette van Moses lees.

[16]Elke maal wanneer iemand na die Here toe gaan, dan haal die Here die sluier af.

[17]“Die Here” beteken hier “die Gees.” Waar die Gees van die Here werk, daar is ’n mens vry.

[18]Daar is nie meer ’n sluier oor ons gesig nie, ons kan sien dat die Here Jesus die Koning is, en dit is wonderlik. Die Here, die Gees, laat wonderlike dinge ook met ons gebeur, sodat ons meer en meer soos konings word, en soos die Here Jesus kan wees.

2 Korintiërs 4

Paulus en die ander apostels bring die boodskap dat Jesus Christus die Here is

[1]God was baie goed vir ons, Hy het vir ons die werk gegee om die boodskap te bring dat Jesus Christus die Here is. Daarom word ons nie moedeloos nie.

[2]Ons het voorheen dinge gedoen wat ander mense nie mag sien nie, dinge waaroor ons skaam moet wees, maar nou doen ons dit nie meer nie. Ons bedrieg niemand nie en ons maak nie die boodskap van God vals nie. Ons sê duidelik wat die waarheid

© Bible Society of South Africa.

is. Elke mens wat weet wat is reg en wat is verkeerd, kan vir ons vertrou. God sien alles wat ons doen.

3Maar as daar miskien ’n sluier hang oor die goeie boodskap wat ons bring, en as mense die boodskap nie verstaan nie, dan is dit omdat hulle die mense is wat verlore gaan.

4Die god van hierdie wêreld het die verstand van die ongelowiges blind gemaak. Hulle kan nie die lig sien van die goeie boodskap wat sê dat Christus die Koning is nie. Christus het vir ons kom wys hoe God is.

5Ons bring nie ’n boodskap oor onsself nie, ons bring ’n boodskap oor Jesus Christus wat die Here is. Maar julle moet ook weet dat ons julle slawe is omdat ons Jesus se boodskap vir julle bring.

6Ons doen dit omdat God gesê het dat daar lig moet skyn uit die donker. So het God ook in ons harte geskyn. Hy het dit lig gemaak in ons sodat ons kan weet dat Hy die Koning is en dat Jesus Christus ook Koning is, Jesus het vir ons kom wys hoe God is.

Die mense wat die boodskap oor Jesus bring, kan maklik seerkry

7Hierdie boodskap oor Jesus Christus is baie kosbaar. Maar God het die boodskap gebêre in kleipotte wat maklik kan breek. Hierdie kleipotte is ons. Almal moet sien dat die boodskap groot krag het omdat dit van God kom en nie van ons nie.

8Mense hou aan om ons te laat swaarkry, maar ons hou aan om te lewe. Ons weet nie altyd wat om te doen nie, maar ons is nie moedeloos nie.

9Mense wil ons doodmaak, maar God los ons nie. Mense slaan ons sodat ons val, maar ons sterf nie.

10Ja, wanneer julle sien hoe ons lewe, dan kan julle sien hoe Jesus swaargekry en gesterf het. Wanneer julle sien hoe ons lewe, dan kan julle ook sien dat Jesus weer lewe.

11God laat vir ons wat nog lewe, altyd so swaar kry dat ons amper sterf, want ons doen Jesus se werk. Maar wanneer julle sien hoe ons lewe, dan wys God dat Jesus lewe, Hy wys dit vir ons wat eendag moet sterf.

12Daarom, terwyl ons altyd veg teen die dood, kry julle die lewe.

13In die Ou Testament is geskryf: Ek het geglo, daarom het ek gepraat. Ons het ook die Heilige Gees wat ons laat glo. Ons glo, en daarom praat ons.

14God het die Here Jesus weer laat lewe. Ons weet dat God vir ons ook weer sal laat lewe soos Hy vir Jesus laat lewe het. God sal ons saam met julle voor Hom bring, ons sal wees waar Hy is.

© Bible Society of South Africa.

15Al hierdie dinge wat met ons gebeur, help vir julle. So kan God genadig wees vir meer mense. Dan kan meer mense dankie sê vir God. En so kry God al die eer, God wat die Koning is.

Paulus en die ander apostels lewe omdat hulle glo, nie omdat hulle sien nie

16Daarom word ons nie moedeloos nie. Ons liggame is besig om te sterf, maar God maak ons geestelike lewe elke dag nuut.

17Want wanneer ons swaarkry, dan is dit net vir ’n kort tydjie en dit is nie baie swaar nie. Later bring hierdie swaarkry vir ons iets wat beter is as al die ander dinge, iets wat baie belangrik is, dit is dat ons vir altyd saam met God kan wees.

18Daarom is die dinge wat ’n mens kan sien, nie baie belangrik vir ons nie. Die dinge wat ’n mens nie kan sien nie, is belangrik. Die dinge wat ’n mens kan sien, is net ’n kort tydjie daar, maar die dinge wat ’n mens nie kan sien nie, is vir altyd.

2 Korintiërs **5**

1Ons liggame is soos ’n tent waarin ’n mens woon. Ons weet, wanneer God hierdie tent van ons afbreek, die tent wat op die aarde is, dan het ons ’n gebou van God in die hemel. Dit is nie mense wat dit gebou het nie, en dit is vir altyd.

2Terwyl ons in hierdie tent van ons woon, kla en sug ons. Ons verlang om ons hemelse gebou bo-oor ons tent te sit.

3Wanneer ons weggegaan het uit hierdie tent op die aarde, dan wil ons nie niks hê nie.

4Ja, ons wat nog in die aardse tent woon, sug. Ons kry swaar, want ons is bang om weg te gaan uit die aardse tent. Ons wil die hemelse gebou bo-oor die tent sit sodat ons hemelse lewe dadelik sal kom in die plek van ons aardse lewe.

5Dit is God wat ons gereedgemaak het om dadelik te verander. Hy het sy Gees vir ons gegee, en so weet ons dat God vir ons alles sal gee wat Hy vir ons belowe het.

6Maar ons glo en vertrou altyd. Ons weet dat ons nog nie by die Here woon terwyl ons in ons liggame woon nie.

7Ons moet glo terwyl ons hier op die aarde lewe. Ons sien nog nie alles soos dit sal wees nie.

8Maar ons glo en vertrou en ons verlang daarna om nie meer in ons liggame te woon nie, ons verlang om by die Here te woon.

9Daarom probeer ons om só te lewe dat die Here tevrede sal wees met ons terwyl ons in ons liggame woon en ook wanneer ons nie meer in ons liggame woon nie.

10Want Christus sal ons almal eendag oordeel wanneer ons voor sy regterstoel staan. Dan sal elke persoon kry wat hy moet kry. As iemand goeie dinge gedoen het

© Bible Society of South Africa.

terwyl hy hier op die aarde gelewe het, dan sal hy goeie dinge kry. As iemand slegte dinge gedoen het, dan sal hy slegte dinge kry.

Die werk wat alles regmaak tussen God en mense

11Ons weet wat dit is om die Here te dien en om te doen wat Hy sê. Daarom probeer ons om mense te bemoedig sodat hulle ook sal verander en die Here sal dien. God weet alles van my en van die ander persone wat saam met my werk. Hy weet dat ons Hom eerlik dien. Maar ek hoop dat julle ook so dink oor ons.

12Ons probeer om nie weer te sê wie ons is en hoekom julle ons kan glo nie. Nee, ons wil hê dat julle trots moet wees op ons. Dan het julle iets om vir die mense te sê, die mense wat dink dat dit belangrik is hoe ’n mens van buite lyk, die mense wat dink dat dit nie belangrik is hoe ’n mens in sy hart is nie.

13As ons dinge gedoen het wat mense gewoonlik nie doen nie, as mense miskien gedink het ons is mal, dan moet julle weet dat ons daardie dinge vir God gedoen het. Maar as ons dinge gedoen het wat verstandig is, dan het ons dit vir julle gedoen.

14Ons bring hierdie boodskap oor Christus omdat Christus lief is vir ons. Ons móét hierdie boodskap bring. Almal moes gesterf het, maar een Mens het gesterf. Hy het dit vir almal gedoen, en daarom het hulle almal gesterf.

15Ja, Christus het vir almal gesterf. Daarom moet die mense wat nou ’n nuwe lewe het, nie meer lewe vir hulleself nie. Nee, hulle moet lewe vir Christus, want Christus het vir hulle gesterf, en God het Hom weer laat lewe. Christus het dit gedoen vir die mense wat nou ’n nuwe lewe het.

16Daarom, van nou af dink ons nie meer soos ongelowiges oor mense nie. Ons het miskien voorheen oor Christus gedink soos mense wat ongelowig is, maar nou doen ons dit nie meer nie.

17As iemand aan Christus behoort, dan het God daardie persoon ’n nuwe mens gemaak. Die persoon se ou lewe is verby, ja, hy het ’n nuwe lewe gekry.

18Dit is God wat al hierdie dinge gedoen het. Hy het ons met Hom versoen omdat ons aan Christus behoort. God het vir ons die werk gegee om mense met Hom te versoen.

19Dit beteken dat God die wêreld met Hom versoen het omdat mense aan Christus behoort. Hy het die sonde wat mense gedoen het, nie gestraf nie. En Hy het vir ons gesê ons moet vir mense vertel dat God so vir hulle versoening gedoen het.

20Ons werk nou vir Christus omdat God ons gekies het. God gebruik ons om vir julle te preek. Daarom vra ons vir julle mooi maar ernstig, nee, dit is Christus wat dit vra: Julle moet aanvaar dat God versoening gedoen het vir julle.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Christus het self nie sonde gedoen nie. Maar God het vir Christus laat voel hoe dit is om swaar te kry oor die sonde wat mense doen. God het dit vir ons gedoen. Want God het ons nou vrygespreek van ons sonde omdat ons aan Christus behoort.

2 Korintiërs 6

1Ek, Paulus, en die ander mense wat saam met my werk, werk saam met God. Daarom vra ons mooi vir julle: Onthou dat God genadig is vir julle, moenie dink dat dit nie belangrik is nie.

2Want God het gesê: " Toe die tyd reg was vir My, het Ek gehoor hoe jy bid. Ja, toe die dag gekom het, die dag toe Ek jou wou red, het Ek jou gehelp." Julle moet weet dit is nóú die regte tyd, dit is nóú die dag wanneer God julle wil red.

3Ons wil nie hê dat iemand slegte dinge moet dink van ons nie, sodat niemand sleg sal praat oor die werk wat ons vir God doen nie.

4Julle kan glo dat ons altyd dienaars van God is. Ons hou aan om vir God te werk wanneer ons swaarkry, wanneer ons bang is, wanneer ons probleme het,

5wanneer mense ons slaan, wanneer ons in die tronk is, wanneer mense vir ons probleme gee, wanneer ons hard moet werk, wanneer ons nie kan slaap nie, wanneer ons honger is.

6Ons hou aan om hierdie werk te doen omdat ons eerlik is, omdat ons weet hoe om reg te lewe, omdat ons geduldig is, omdat ons goed wil wees vir mense, omdat die Heilige Gees by ons is, omdat ons regtig lief is vir mense.

7Ons hou aan om die werk te doen terwyl ons die waarheid praat oor Jesus, en terwyl God ons help met sy krag. Ons doen wat God wil hê, dit is die wapens waarmee ons veg. Ons gebruik hierdie wapens wanneer ons aanval en wanneer ons verdedig.

8Ons hou aan om die werk te doen wanneer mense goeie dinge oor ons sê en wanneer mense slegte dinge oor ons sê, ons hou aan wanneer hulle dink ons is nie belangrik nie en wanneer hulle dink ons is baie belangrik. Mense sê ons vertel leuens, maar ons praat die waarheid.

9Party mense wil nie glo dat ons apostels is nie, maar party mense glo dat ons apostels is. Mense doen baie slegte dinge aan ons, ons sterf amper, maar ons lewe nog. Mense hou aan om ons te straf, maar hulle kan ons nie doodmaak nie.

10Dit lyk of ons altyd huil, maar ons is bly. Ons lyk soos mense wat arm is, maar ons maak baie mense ryk by God. Ons lyk soos mense wat niks het nie, maar ons het alles.

11Liewe Korintiërs, ons het nou reguit gepraat met julle, maar onthou, ons is baie lief vir julle.

© Bible Society of South Africa.

12Julle moenie dink dat ons kwaai en hard is met julle nie. Dit is júlle wat hard is met óns.

13Ek praat met julle soos ’n pa met sy kinders praat: Julle moet julle harte wyd oopmaak vir ons, ons harte was oop vir julle.

Paulus waarsku die Korintiërs om nie vriende te maak met mense wat teen die goeie boodskap is nie

14Julle moenie vriende maak met ongelowiges nie. Want mense wat doen wat God wil hê en mense wat God se wette breek, mag nie vriende wees nie. Lig en donker kan nie maats wees nie.

15Christus kan nie met Beliar saamwerk nie. En ’n gelowige mag nie die dinge doen wat ’n ongelowige doen nie.

16God se tempel en die afgode pas nie bymekaar nie. Want ons is die tempel van God, God wat lewe. God het gesê: Ek sal by hulle woon en tussen hulle lewe, Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.

17 Daarom moet julle weggaan van hulle en julle moet niks saam met hulle doen nie, sê die Here, julle moet aan niks raak wat onrein is nie. Dan sal Ek julle aanvaar.

18 Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal my seuns en dogters wees. Dit sê die Here wat oor alles regeer.

2 Korintiërs **7**

1Liewe vriende, God het hierdie dinge ook vir ons belowe. Daarom moet ons nie sonde doen wat ons liggaam en gees vuil kan maak nie. Ons moet probeer om heeltemal te lewe soos God wil hê omdat ons Hom respekteer.

Paulus is bly dat Titus gekom het en dat alles weer reg is tussen Paulus en die Korintiërs

2Julle moet julle harte oopmaak vir ons. Ons het aan niemand van julle verkeerde dinge gedoen nie, ons het niemand iets verkeerd laat doen nie, ons het niemand bedrieg nie.

3Ek sê hierdie dinge nie om julle te beskuldig nie. Ek het voorheen vir julle gesê dat julle baie kosbaar is vir ons. Ons sal julle nooit vergeet nie, dit maak nie saak wat gebeur nie.

4Ek is baie eerlik met julle, en ek is baie trots op julle. Julle bemoedig my ook baie. Elke maal wanneer ons swaarkry, dan is ek baie bly daaroor.

5Want toe ons in die provinsie Masedonië gekom het, het ons nooit tyd gehad om te rus nie. Mense het ons laat swaarkry op baie maniere. Hulle het met ons baklei, en ons was bang.

© Bible Society of South Africa.

6Maar God troos mense wat swaarkry en wat nie weet hoe om hulleself te help nie. Hy het ons getroos toe Titus daar aangekom het.

7God het ons getroos, maar nie net omdat Titus daar aangekom het nie, ook omdat julle vir Titus getroos het. Titus het vir ons vertel dat julle verlang na ons, hy het vertel dat julle jammer is dat daar probleme gekom het tussen julle en my, en dat julle graag die probleme wil regmaak. Ek was baie bly hieroor.

8Miskien het ek julle hartseer gemaak in my brief, maar ek is nie jammer daaroor nie. Nee, ek wás jammer, want ek sien dat daardie brief julle vir ’n kort tydjie hartseer gemaak het.

9Maar nou is ek bly, nie omdat julle hartseer was nie, maar omdat julle so hartseer was dat julle verander het en begin lewe het soos God wil hê. Want julle was hartseer soos God wil hê. Dit wys dat ons glad nie verkeerde dinge aan julle gedoen het nie.

10Want as ’n mens hartseer is soos God wil hê, dan verander ’n mens, en dan red God jou, en daaroor is ’n mens nooit jammer nie. Maar as ’n mens hartseer is soos die wêreld hartseer is, dan verander niks en dan sterf jy vir altyd.

11Want julle sien self wat gebeur het toe julle hartseer was soos God wil hê: Julle het begin besef dat daar verkeerde dinge gebeur het. Julle het gesê dat julle nie regtig teen my is nie. Julle het kwaad geword vir die persoon wat vir julle laat verander het om teen my te wees. Julle was bang dat die probleem te groot sal wees om reg te maak. Julle het begin om na my te verlang. Julle was haastig om alles reg te maak tussen ons. Julle het die man gestraf wat teen my was. Ja, julle het gewys dat julle heeltemal onskuldig is hieroor.

12Dit alles wys vir julle hoekom ek hierdie brief geskryf het. Dit was nie oor die man wat verkeerd gedoen het nie en ook nie oor my, die man aan wie hy verkeerd gedoen het nie. Nee, dit was sodat julle kon sien hoe belangrik dit is dat alles weer reg moet wees tussen julle en ons, en dat God dit ook weet.

13Daarom is ek bly. Ons is bly, maar nie net oor onsself nie. Ons is nog meer bly omdat Titus so bly is. Want julle almal het gehelp dat hy meer tevrede geword het.

14Ek het ’n bietjie gespog by Titus oor julle. En ek is nie jammer daaroor nie. Alles wat ons vir julle gesê het oor Titus, was die waarheid, en so het ons ook die waarheid gepraat toe ons by Titus gespog het oor julle.

15Titus onthou dat julle almal geluister het na hom en dat julle hom waarlik baie gerespekteer het toe hy by julle gekom het. Daarom is hy nou nog meer lief vir julle.

16Ek is bly, want ek voel nou goed oor julle.

2 Korintiërs 8

© Bible Society of South Africa.

Paulus vra vir die Korintiërs om geld te gee vir die gemeente in Jerusalem

1Vriende, ons wil hê julle moet weet dat God genadig was vir die gemeentes in die
provinsie Masedonië.

2Hierdie gemeentes is baie arm. En God het hulle getoets, ja, hulle het baie swaar
gekry. Maar hulle is ook baie bly. En nou het hulle gewys dat hulle ryk is, want hulle
het ander gelowiges wat swaarkry, baie gehelp.

3Hierdie gemeentes het gegee wat hulle kon gee. Nee, ek kan getuig dat hulle meer
gegee het as wat hulle kon gee. Hulle het self gekom en

4ernstig vir ons gevra of hulle vir ons kan help om geld te kollekteer vir die gelowiges
in die provinsie Judea. Hulle het gesê dit sal hulle baie bly maak.

5Maar hulle het baie meer gedoen as wat ons gehoop het. Hulle het die belangrikste
ding eerste gedoen: Hulle het hulleself vir die Here en vir ons gegee. Dít is soos God
wil hê.

6Hulle het gesê ons moet vir Titus bemoedig. Ja, ons weet dat hy al klaar begin het
om by julle te kollekteer vir die gelowiges in Judea. Maar die gemeentes in
Masedonië wil hê dat Titus moet aanhou om te kollekteer totdat dit klaar is.

7Ons weet dat julle alles baie goed doen. Julle glo baie sterk, julle kan goed praat.
Julle weet baie van die ware lewe. Julle hou nie op om goed te doen nie. En julle is
lief vir mekaar soos ons vir julle geleer het. Nou moet julle ook goed doen en geld
gee wanneer Titus by julle kollekteer.

8Julle moet onthou, ek sê nie dat julle geld móét gee nie. Ek wil sien of julle ook wil
help soos die gelowiges in Masedonië. En ek wil kyk of julle regtig lief is vir ander
mense.

9Julle weet dat ons Here Jesus Christus genadig is vir ons. Hy is ryk, maar Hy het arm
geword vir julle. Nou kan julle ryk wees omdat Jesus arm geword het.

10Ek wil vir julle sê wat julle moet doen wanneer julle moet besluit wat julle nóg wil
doen om die gelowiges in Judea te help. Want julle het al klaar verlede jaar besluit
om geld bymekaar te maak, en toe het julle dit begin doen.

11Maar nou moet julle die werk klaarmaak wat julle begin doen het. Julle wou graag
begin kollekteer, en julle moet dit nou klaarmaak. En julle moet gee wat julle kán
gee.

12Want as ’n mens graag iets wil gee, dan aanvaar die Here dit wat jy kan gee. Die
Here wil nie hê dat jy iets moet gee wat jy nie het nie.

13Hy wil nie hê dat julle self moet swaarkry omdat julle baie gee om die gelowiges in
Jerusalem te help nie. Nee, die een moenie meer as die ander hê nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Julle het nou meer as genoeg om te kan lewe. Daarom kan julle vir ander mense
gee, mense wat nie genoeg het nie. Daar sal miskien weer ’n tyd kom wanneer die
gelowiges in Jerusalem te veel het. Dan sal hulle weer vir júlle help wanneer julle te
min het. En dan sal die een nie meer as die ander hê nie.

15Dit is soos daar in die Ou Testament geskryf is: Hulle wat baie gehad het, het nie te
veel gehad nie, en hulle wat ’n bietjie gehad het, het nie te min gehad nie.

Titus en nog twee ander persone gaan kollekteer in Korinte

16Maar ek sê vir God dankie dat Hy vir Titus lus gemaak het om julle te gaan help om
die geld te kollekteer. Titus dink ook soos ek dat dit belangrik is dat julle klaar moet
kollekteer.

17Want toe ons vir Titus ernstig gevra het om vir julle te gaan help, het hy ja gesê.
Maar hy wou dit voorheen self graag doen. Daarom het hy self besluit om te gaan.

18Ons stuur ook iemand anders saam met Titus. Hy werk saam met ons vir die Here.
Al die gemeentes ken hom en prys hom omdat hy die goeie boodskap so goed bring.

19Maar dit is nie net óns wat hom stuur nie, die gemeentes het hom ook gekies om
saam met ons te werk wanneer ons die geld kollekteer vir die gelowiges in
Jerusalem. Ons doen hierdie werk sodat almal kan sien dat net die Here Koning is. En
dan kan almal ook sien dat ons graag hierdie werk wil doen.

20Ons wil ook keer sodat mense nie sleg praat van ons nie. Want dit is baie geld wat
ons kry en uitdeel.

21Ons wil só werk dat die goeie dinge wat ons doen, reg sal wees vir die Here en dat
mense duidelik sal kan sien dat ons reg werk met die geld.

22Ons stuur ook ’n derde persoon saam met Titus en die ander persoon. Die derde
persoon werk ook vir die Here soos ons. Ons het hom baie getoets in al die werk wat
hy saam met ons gedoen het. Hy werk baie hard vir die Here. En hy is nou baie
opgewonde om na julle toe te gaan, omdat hy glo dat julle graag wil help.

23Nou praat ek weer oor Titus: Julle moet onthou, hy werk baie hard saam met my,
en hy wil graag saam met julle werk. En julle moet onthou die gemeentes stuur ook
die ander twee persone, en Christus is trots op hulle altwee.

24Julle moet nou bewys dat julle lief is vir ander mense en dat ons reg is wanneer ons
spog oor julle. Julle moet dit so doen dat die gemeentes dit kan sien.

2 Korintiërs **9**

Paulus vra vir die gemeente in Korinte om te kollekteer vir die gemeente in Jerusalem

1Ek wil nie vir julle skryf oor die geld wat ons kollekteer vir die gelowiges in
Jerusalem nie, maar ek doen dit.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[2]Want ek weet hoe graag julle iets wil gee vir hulle. Ek spog daaroor by die gemeentes in die provinsie Masedonië. Ek weet dat julle, die gelowiges in die provinsie Agaje, van verlede jaar af gereed is om te gee. Die meeste gelowiges in Masedonië het gehoor dat julle graag wou gee, en toe wou hulle ook graag gee.

[3]Ek stuur vir Titus en die ander twee persone na julle toe. Hulle moet kyk dat julle gereed is om julle geld te gee. Dan sal almal kan sien dat ons nie verkeerd was toe ons gespog het oor julle nie. Ek het dit al klaar gesê: Ons het gespog en gesê dat julle verlede jaar al klaar gereed was.

[4]Want as ek en die ander gelowiges van Masedonië by julle kom, en hulle sien julle is nog nie gereed om te gee nie, dan sal ons skaam wees. Julle sal ook skaam wees as die geld nie gereed is nie.

[5]Daarom het ek gedink dit is baie belangrik dat ek vir Titus en die ander twee persone vra om vóór ons na julle toe te gaan. Dan kan hulle seker maak dat die geld wat julle voorheen belowe het, gereed is voordat ons daar kom. En dan sal julle ook voel dat julle dit gee omdat julle graag wil gee, nie omdat ons sê julle móét dit gee nie.

[6]Julle moet onthou: As iemand min saai, dan kry hy min, en as hy baie saai, dan kry hy baie.

[7]Elkeen moet gee soos hy in sy hart besluit het. Dit moenie vir hom swaar wees om te gee nie, en hy moenie gee omdat iemand sê hy móét gee nie. Onthou, God is lief vir mense wat bly is wanneer hulle gee.

[8]God kan vir julle baie goeie dinge gee, sodat julle meer as genoeg sal hê. En dan sal julle altyd genoeg hê van alles wat julle nodig het. Maar dan sal julle ook meer as genoeg hê om te gee vir mense wat nie genoeg het nie.

[9]In die Ou Testament is geskryf: Hy gee graag, hy gee vir die arm mense, hy doen wat God wil hê, en hy hou nooit op nie.

[10]God is die Een wat saad gee vir die persoon wat saai, en Hy gee kos om te eet. Hy sal ook vir julle saad gee en Hy sal dit meer laat word. As julle doen wat God wil hê, dan sal Hy dit meer en meer laat word.

[11]God sal vir julle genoeg gee van alles sodat julle altyd graag vir ander mense sal wil gee. En dan sal die gelowiges in Jerusalem vir God dankie sê wanneer ons die geld vir hulle gee wat julle gekollekteer het.

[12]As ons die geld wat julle bymekaargemaak het, gee vir die gelowiges in Jerusalem, dan sal hulle genoeg hê om te lewe. En dan sal die ander gelowiges ook meer en meer vir God wil dankie sê.

[13]As julle hierdie geld gee vir die gelowiges in Jerusalem, dan het julle die toets geslaag. Dan wys dit dat julle gehoorsaam is wanneer julle sê dat julle die goeie

© Bible Society of South Africa.

boodskap van Christus glo. Dit wys ook dat julle jammer is vir die gemeente in Jerusalem en vir al die gemeentes. En dan sal die gelowiges vir God prys.

14 En wanneer die gelowiges in Jerusalem vir julle bid, dan verlang hulle na julle. Want hulle sien dat God ook genadig was vir julle.

15 Ons sê vir God dankie vir sy groot present. Dit is so groot dat ’n mens nie kan sê hoe groot dit is nie.

2 Korintiërs 10

Paulus sê hoekom die mense in Korinte hom moet glo

1 Ek weet julle dink dat wanneer ek by julle is, dan raas ek nie met julle nie, maar wanneer ek weg is, dan is ek kwaai met julle. Nou vra ek, Paulus, baie mooi vir julle, en ek vra dit omdat Christus ’n sagte hart het en omdat Hy goed is.

2 Ek vra: Wanneer ek weer na julle toe kom, dan moet julle nie dinge doen wat my baie kwaai laat word nie. Want ek sal kwaai wees met die mense wat dink dat ons soos wêreldse mense lewe.

3 Ja, ons lewe op die aarde, maar wanneer ons veg teen die duiwel, dan doen ons dit nie soos wêreldse mense nie.

4 Nee, ons veg met wapens, maar dit is nie wapens van die wêreld nie. Hierdie wapens het baie krag omdat dit God se wapens is, ons kan die vyand se sterk mure afbreek met daardie wapens. Ons breek die vyand se slim woorde af.

5 Mense dink dinge wat keer sodat hulle nie vir God kan leer ken nie, en hulle is trots wanneer hulle so dink. Maar ons breek alles af wat hulle dink. Ja, ons maak gevangenes van alles wat mense dink sodat die mense gehoorsaam kan wees aan Christus.

6 Ons wil almal straf wat nie gehoorsaam is aan Christus nie. Maar ons sal dit eers doen wanneer julle heeltemal gehoorsaam is aan Christus.

7 Julle moet goed dink hieroor. As een van julle seker is dat hy aan Christus behoort, dan moet hy onthou dat ons ook, soos hy, aan Christus behoort.

8 Die Here het gesê ons moet julle geloof sterk maak, Hy het nie gesê ons moet julle laat ophou glo nie. Julle dink miskien dat ek te veel spog oor wat die Here gesê het ons mag doen. Maar dit is regtig so, die Here hét vir ons gesê ons moet julle geloof sterk maak. En ek is nie skaam daaroor nie.

9 Julle moenie dink dat ek probeer om julle bang te maak in my briewe nie.

10 Want miskien is daar mense wat sê: “Paulus se briewe is baie ernstig en kwaai, maar wanneer hy self hier by ons is, dan lyk hy nie so kwaai nie en dan praat hy nie soos ’n apostel moet praat nie.”

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

11Mense wat so sê, moet weet: Wanneer ons nie by julle is nie, dan skryf ons in ons
briewe wat ons sal doen, en ons sál dit doen wanneer ons by julle is, ons sal party
mense straf.

12Ons sal nooit dink dat ons so goed is soos party mense in die gemeente nie, mense
wat wil hê dat ons vir hulle moet glo. Hierdie mense kyk net na hulleself en dan dink
hulle dat hulle goed is. En daarom verstaan hulle niks.

13Maar ons sal nie spog oor iets waaroor ons nie mag spog nie. Ons sal net spog oor
wat God vir ons gesê het om te doen, en dit is om ook by julle te werk in Korinte.

14Ek spog nie wanneer ek sê dat ons tot by julle gekom het nie. Ons hét by julle
gekom en ons hét die goeie boodskap van Christus gebring.

15Ons spog nie oor werk wat ander mense gedoen het nie, ons spog nie oor werk wat
ons nie self gedoen het nie. Ons hoop en weet dat julle geloof sterker sal word, en
dat ons dan nog meer en meer sal werk in julle stad, die stad waar God gesê het ons
moet werk.

16Ons wil die goeie boodskap graag ook op ander plekke bring, plekke verder as
Korinte. Maar ons wil nie spog oor die goeie werk wat ander mense al klaar daar
gedoen het nie.

17 As ’n mens wil spog, dan moet hy oor die Here spog.

18Want die Here aanvaar nie mense wat self sê dat ons hulle moet glo nie. Die Here
sê vir ons wie ons moet glo, en Hy aanvaar net daardie mense.

2 Korintiërs **11**

Paulus en die vals apostels

1Dit lyk nou miskien of ek ’n bietjie dom is, ek wil hê julle moet my vergewe. Ja, julle
moet my vergewe.

2Ek is baie lief vir julle, soos God lief is vir julle. Ek is soos ’n pa wat belowe het dat sy
dogter met ’n man sal trou wat die pa vir haar gekies het. Daardie man is Christus. Ek
wil hê dat julle soos ’n maagd moet wees, ek wil julle vir Christus gee, julle moet net
aan Hom behoort.

3Maar ek is bang dat iemand julle sal verlei sodat julle nie aanhou om aan Christus
te dink nie. Want dan behoort julle nie net aan Hom nie. Dit is soos toe die slang vir
Eva verlei het omdat hy so skelm was.

4Want dit lyk vir my julle glo en aanvaar maklik iemand wat kom en wat vir julle van
’n ander Jesus vertel, nie dieselfde Jesus wat ons vir julle gepreek het nie. Of julle
aanvaar miskien ’n ander gees en boodskap, nie die Gees van God en die goeie
boodskap wat ons vir julle gebring het nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Ek dink dat ek ook so goed is soos daardie vals apostels, hulle dink dat hulle beter is as ek.

6Ek praat miskien nie so goed soos hulle nie, maar ek weet alles wat ek moet weet. Julle het dit gesien toe ons by julle was en toe ons vir julle alles verduidelik het op verskillende maniere.

7Dink julle ek was verkeerd omdat ek nie geld gevra het nie toe ek die goeie boodskap van God vir julle gepreek het? Party mense dink miskien dat ek myself verneder het, maar dit was omdat julle vir my so belangrik was.

8Ek het geld van die kerke van die provinsie Masedonië geneem om vir julle te werk.

9Toe ek by julle was en nie geld gehad het nie, het ek vir niemand van julle gepla en geld gevra nie. Die gelowiges van Masedonië het my gehelp toe hulle in Korinte gekom het. Ek het nooit vir julle geld gevra vir myself nie, en ek sal dit ook nooit doen nie.

10Ek is trots daarop dat ek nie vir julle geld gevra het nie, en ek sal in die hele provinsie Agaje daaroor praat. Ek praat die waarheid, Christus weet dit.

11En hoekom wil ek nie vir julle geld vra nie? Is dit omdat ek nie lief is vir julle nie? Nee, God weet hoe lief ek vir julle is.

12Ek vra nie vir julle geld nie, en ek sál ook nie vir julle geld vra nie. Want so wil ek die verkeerde mense keer, ek wil nie hê dat hulle in julle gemeente moet werk nie. Hierdie mense is jaloers, hulle wil hê dat julle trots moet wees op hulle soos julle trots is op ons.

13Hierdie mense is vals apostels. Die dinge wat hulle doen, lei mense op ’n verkeerde pad. Hulle maak of hulle apostels van Christus is.

14Maar ek is nie verbaas nie, want ook Satan maak of hy ’n engel van die lig is.

15Daarom is ons nie verbaas dat die mense wat vir Satan dien, maak of hulle goeie dinge doen nie. God sal eendag vir hierdie vals apostels die straf gee wat hulle moet kry.

Al die dinge wat Paulus laat swaarkry het omdat hy ’n apostel is

16Ek het dit al voorheen gesê, maar ek sê dit weer: Julle moenie dink ek is dom nie. Of miskien moet julle dink ek is dom, want dan kan ek ook ’n klein bietjie spog.

17Ek sal nou iets sê, maar dit kom nie van die Here nie. Ek praat nou soos ’n dom mens wanneer ek ’n bietjie wil spog.

18Daar is baie mense wat spog soos wêreldse mense, daarom wil ek ook nou spog.

19Want ek dink julle hou van dom mense, julle wat dink dat julle baie verstandig is.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

20Julle hou daarvan om iemand se slawe te wees, julle hou daarvan wanneer iemand
julle geld vat, wanneer iemand met julle doen wat hy wil, wanneer iemand dink hy is
wonderlik, wanneer iemand julle beledig.

21Ek is jammer om dit te sê, maar ons was te swak om dit aan julle te doen. Ek weet
ek praat nou soos 'n dom mens, maar as ander mense kan spog, dan kan ek ook
spog.

22Hulle spog dat hulle Hebreërs is. Ek is ook 'n Hebreër. Hulle spog dat hulle
Israeliete is. Ek is ook 'n Israeliet. Hulle spog dat hulle die nageslag van Abraham is.
Ek is ook van die nageslag van Abraham.

23Hulle spog dat hulle dienaars van Christus is. En nou praat ek regtig soos 'n dom
mens: Ek is 'n beter dienaar van Christus. Ek het baie harder gewerk as hulle, ek was
meer in die tronk, mense het my baie meer geslaan as vir hulle, ek was baie maal
amper dood.

24Die Jode het my vyf maal met 'n stok geslaan, elke maal het hulle my 39 houe
geslaan.

25Die Romeine het my drie maal met 'n stok geslaan, mense het my een maal met
klippe gegooi om my dood te maak, ek was op drie skepe wat stukkend gebreek het,
en ek het een maal 'n hele nag en dag op die see rondgedryf.

26Ek het baie maal ver gereis. Ek het deur gevaarlike riviere gegaan, en daar was baie
ander gevaarlike dinge: Daar was diewe, my eie Jode-mense, heidene, daar was
stede waar ek swaargekry het, plekke ver van die stede, die see, en mense wat gesê
het hulle is Christene maar hulle was vals.

27Ek het hard gewerk en swaargekry, ek kon baie maal nie slaap nie, ek was honger
en dors, ek het baie maal nie kos gehad nie, ek het koud gekry en ek het nie genoeg
klere gehad nie.

28Daar is nog baie ander dinge wat ek nie genoem het nie. Ek is ook bekommerd oor
die werk wat ek elke dag moet doen, ek is bekommerd oor al die gemeentes.

29As iemand in 'n gemeente swak is, dan is ek saam met hom swak. En as iemand 'n
ander persoon sonde laat doen, dan word ek baie kwaad.

30As ek moet spog, dan sal ek daaroor spog dat ek swak is.

31God weet dat ek nie lieg nie. Hy is die God en Vader van die Here Jesus. Ons moet
God altyd prys.

32Ek was eendag in Damaskus. Koning Aretas het iemand gekies en aangestel om te
regeer oor die stad. Daardie persoon het wagte aangestel en hy het probeer keer
sodat ek nie uit die stad kon vlug nie. Hy wou my vang.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

33Maar vriende het my in ’n mandjie deur ’n venster in die stadsmuur laat afsak. En so het ek gevlug, hy kon my nie vang nie.

2 Korintiërs 12

Die Here wys vir Paulus dinge in die hemel waaroor hy nie kan praat nie

1Om te spog, help ’n mens niks, maar partymaal moet ’n mens ’n bietjie spog. Ek wil nou iets sê. Die Here het iets met ’n persoon laat gebeur en Hy het vir hom dinge gewys wat niemand anders gesien het nie.

2Ek weet van ’n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede het God hierdie man na die hoogste hemel geneem. Ek weet nie of die man met sy liggaam daar was en of net sy gees daar was nie. Net God weet dit.

3-4Ja, ek weet God het hierdie man geneem tot in die paradys. Ek weet nie of die man met sy liggaam daar was en of net sy gees daar was nie. Net God weet dit. Daar in die paradys het hierdie man wonderlike dinge gehoor, so wonderlik dat ’n mens nie daaroor kan praat nie.

5Ek sal spog oor hierdie man. Maar ek sal nie oor myself spog nie. Ek sal net daaroor spog dat ek swak is.

6As ek besluit om te spog, dan sal ek nie ’n dom mens wees nie, want ek sal die waarheid praat. Maar ek het besluit om nie te spog nie. Want ek wil nie hê dat die mense moet dink ek is beter as wat ek was toe hulle my gesien of gehoor het nie.

7Want hulle weet van die belangrike dinge in die hemel wat God vir my gewys het. Maar God het iets in my lewe gegee, dit pla my baie. Hy het dit gegee sodat ek nie baie van myself moet dink nie. Hierdie ding is soos ’n engel van Satan. Die engel slaan my met sy vuis sodat ek nie baie van myself moet dink nie.

8Ek het baie maal vir die Here gevra dat Hy hierdie ding moet wegneem.

9Maar Hy het vir my gesê: “Ek is genadig vir jou, en dit is genoeg, want wanneer iemand weet dat hy swak is, dan word my krag in sy lewe meer.” Daarom sal ek graag spog dat ek swak is, want dan is die krag van Christus in my.

10Daarom is ek tevrede wanneer ek swak is, wanneer mense my beledig, wanneer ek swaarkry, wanneer mense slegte dinge doen aan my, en wanneer ek probleme het. Want ek weet dat alles gebeur omdat ek aan Christus behoort. Ja, ek is tevrede, want wanneer ek swak is, dan is ek sterk.

Paulus is baie bekommerd oor die gemeente

11As ek so spog, dan doen ek dieselfde soos ’n dom mens doen. Maar dit is júlle wat my dit laat doen. Want julle is die mense wat vir my moes geglo het. Party van daardie vals apostels dink dat hulle beter is as ek en hulle sê dat ek niks beteken nie, maar ek is so goed soos hulle.

© Bible Society of South Africa.

12 Ek het baie maal by julle dinge gedoen wat wys dat ek ’n ware apostel is. Ek het tekens en wonderwerke gedoen en ander dinge wat wys hoe sterk God is.

13 Ek het by julle niks anders gedoen as in die ander gemeentes nie. Maar ek het nie vir julle geld gevra vir myself nie. As dit verkeerd was, dan moet julle my vergewe.

14 Dit is nou die derde maal dat ek na julle toe sal kom. Ek sal nie vir julle geld vra vir myself nie. Ek wil nie julle geld hê nie, ek wil vir júlle hê. Julle weet hoe die lewe is: Dit is nie die kinders wat vir die ouers geld moet spaar nie, nee, dit is die ouers wat vir die kinders geld moet spaar.

15 Ek sal baie graag alles wil gee wat ek het, ek sal ook alles wil gee wat ek is sodat ek vir julle kan help. As ek so baie lief is vir julle, dan mag julle nie minder lief wees vir my nie.

16 Ja, ek het nie vir julle geld gevra sodat ek vir myself kon sorg nie. Maar daar is miskien party van julle wat sê dat ek baie slim was en dat ek ander skelm dinge gedoen het om julle te bedrieg.

17 Het ek julle bedrieg toe ek een van die mense wat saam met my werk, na julle toe gestuur het? Nee.

18 Julle onthou dat ek vir Titus gevra het om na julle toe te kom. Ek het ook iemand anders saamgestuur, iemand wat saam met ons werk. Julle weet dat Titus julle nie bedrieg het nie. En ek dink soos Titus en ek doen dieselfde wat hy doen.

19 Julle dink miskien nog altyd dat ons besig is om te wys dat ons nie iets verkeerd gedoen het nie sodat julle kan dink ons is goed. Nee, ons is mense wat aan Christus behoort, ons weet dat God alles hoor wat ons sê. Daarom sê ons hierdie dinge. Ons doen alles omdat ons lief is vir julle en omdat ons julle geloof sterker wil maak.

20 Ek is bang dat wanneer ek by julle kom, dan sal julle nie wees soos ek graag wil hê julle moet wees nie. En miskien is ék ook nie soos julle graag wil hê ek moet wees nie. Miskien haat julle ander mense, miskien stry julle met almal, miskien maak julle mense kwaad vir mekaar, miskien maak julle mense vyande van mekaar, miskien beledig julle mekaar, miskien skinder julle van mekaar, miskien dink die een mens hy is beter as die ander mens, of miskien maak julle probleme.

21 Ek is bang dat God my sal verneder wanneer ek weer daar by julle kom. Hoekom? Omdat ek miskien sal huil en treur oor baie mense in die gemeente wat sonde gedoen het en wat nie verander het nie, hulle lewe nie soos God wil hê nie. Ek is bang dat hulle nog die dinge doen wat hulle altyd gedoen het, dat hulle slaap by mense met wie hulle nie getroud is nie, dat hulle onsedelik lewe, en dat hulle doen wat hulle wil.

2 Korintiërs **13**

Paulus sê wat die gemeente moet doen, en hy stuur groete vir hulle

© Bible Society of South Africa.

[1]Dit is nou die derde maal dat ek na julle toe kom. En julle weet: Twee of drie getuies is genoeg. Daarom weet julle nou dat God julle genoeg gewaarsku het om reg te lewe.

[2]Ek het julle gewaarsku toe ek die tweede maal by julle was. En ek waarsku julle nou weer terwyl ek nie by julle is nie. Ek sê dit vir die mense wat daardie tyd probleme gemaak het, en ek sê dit ook vir al die ander mense wat ná daardie tyd probleme gemaak het: As ek weer na julle toe kom, dan sal ek nie vriendelik wees met die mense wat probleme maak nie.

[3]Julle wil hê ek moet bewys dat Christus vir my gebruik om met julle te praat. Die bewys is: Christus het self vir julle gewys dat Hy nie swak is nie. Hy het vir julle gewys dat Hy baie krag het.

[4]Ja, dit lyk miskien of Christus swak was omdat Hy gekruisig is. Maar Hy het weer begin lewe omdat Hy die krag van God gekry het. Daarom, dit lyk of ek en die ander mense wat vir Christus werk, ook swak is, maar ons lewe nou saam met Christus omdat God vir ons die krag gegee het. Julle sal dit sien wanneer ons weer by julle is.

[5]Julle is die mense wat moet seker maak dat julle in Christus glo. Julle moet julleself toets. Julle weet goed dat Jesus Christus in julle harte is. Maar julle moet oppas, miskien slaag julle nie die toets nie.

[6]Ek hoop dat julle sal sien dat ek en die ander mense wat saam met my werk, die toets slaag.

[7]Maar ons bid tot God dat julle nie iets verkeerd sal doen nie. Want dit is vir my en die ander werkers nie belangrik om reg te wees sodat ons vir julle kan straf nie, dit is vir ons belangrik dat julle die toets moet slaag. Dit maak nie saak as ons lyk soos mense wat nie die toets slaag nie.

[8]Maar julle moet weet: Ons kan nie iets doen wat teen die waarheid is nie. Ons kan net iets doen wat saam met die waarheid gaan.

[9]Daarom is ons bly wanneer ons swak is en wanneer julle sterk is. Ja, ons bid dat julle heeltemal sal lewe soos God wil hê julle moet lewe.

[10]Dit is hoekom ek hierdie dinge skryf terwyl ek nie by julle is nie. Dan sal ek nie kwaai wees wanneer ek weer by julle is nie. Want die Here het gesê ek mag kwaai wees sodat ek die gemeentes kan opbou, nie sodat ek hulle afbreek nie.

[11]My vriende, ek wil nog een ding vir julle sê: Julle moet bly wees, julle moet lewe soos die Here wil hê julle moet lewe, julle moet luister wanneer ons vir julle sê wat reg is, julle moet saamwerk met mekaar, julle moet in vrede lewe met mekaar. Dan sal die God van liefde en vrede by julle wees.

[12]Julle moet mekaar groet met ’n soen wat wys dat julle almal aan Christus behoort. Al die gelowiges stuur groete vir julle.

© Bible Society of South Africa.

13 Ek bid dat die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle almal, en dat julle almal lief sal wees vir mekaar soos God lief is vir julle. Ek bid ook dat die Heilige Gees by julle sal wees sodat julle almal aan mekaar sal behoort.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Galasiërs

Galasiërs 1

1-2Ek, Paulus, en al die gelowiges hier saam met my, skryf hierdie brief vir julle wat woon in die gemeentes in Galasië. Ek is ’n apostel, maar dit is nie ’n mens of mense wat my gekies het nie. Jesus Christus en God die Vader het my gekies, God wat vir Jesus weer laat lewe het nadat Hy gesterf het.

3Ek bid dat God ons Vader en die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle vrede sal gee.

4Christus het gedoen wat God ons Vader wou hê, Hy het gesterf om ons sondes weg te neem. So het Hy ons gered van hierdie slegte wêreld waarin ons lewe.

5Daarom moet ons vir God prys, altyd en altyd. Amen.

Daar is net een goeie boodskap

6Ek is verbaas dat julle in Galasië so gou die genade van God vergeet het. Hy was baie goed vir julle, Hy het vir Christus gestuur. God het gesê julle behoort aan Hom. Maar nou glo julle ’n ander boodskap.

7Julle moet besef dat daar nie ’n ander goeie boodskap is nie. Die mense daar by julle wat vir julle ’n ander boodskap leer, maak julle deurmekaar en hulle maak die goeie boodskap van Christus vals.

8Niemand mag vir julle iets anders preek nie, hy mag net die goeie boodskap preek wat ek gepreek het. Ek mag nie ’n ander boodskap preek nie, en ’n engel uit die hemel mag ook nie. As iemand dit doen, dan sal God hom straf!

9Ek sê weer vir julle: Julle het die goeie boodskap by my gehoor, en God sal elkeen straf wat ’n ander boodskap preek!

10Daar is mense wat sê ek gebruik mooi woorde sodat mense of God moet dink ek is goed. Hulle sê ek probeer dinge sê waarvan mense hou. Dit is nie waar nie. As ek dit doen, dan is ek nie ’n dienaar van Christus nie.

Die boodskap wat Paulus preek, kom van Jesus Christus

11Vriende, dit is vir my baie belangrik dat julle dít moet besef: Die goeie boodskap wat ek preek, kom nie van mense nie.

12Ek het die boodskap nie by mense gekry nie, ek het dit ook nie by iemand geleer nie. Jesus Christus het dit self vir my gegee toe Hy aan my verskyn het.

God het Paulus se lewe verander

13Julle het gehoor hoe ek voorheen gelewe het toe ek net die Joodse godsdiens geken het. Ek het baie baie slegte dinge gedoen aan die kerk van God, ek het probeer om die mense van die kerk dood te maak.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Ek was ’n baie beter Jood as al die baie ander Jode wat so oud was soos ek. Ek was
baie meer gehoorsaam aan die dinge wat ons voorouers vir ons geleer het.

15Maar God het my gekies voordat ek gebore is. Hy was baie goed vir my en Hy het
my ’n apostel gemaak. Hy het besluit

16om sy Seun vir my te wys sodat ek vir die heidene kon gaan vertel van sy Seun.
Nadat ek Hom gesien het, het ek nie vir ander mense gaan vra wat hulle van Hom
weet nie.

17Ek het ook nie na Jerusalem gegaan nie, na die mense toe wat vóór my apostels
geword het nie. Nee, ek het na die land Arabië gegaan en ek het later weer
teruggegaan na die stad Damaskus.

18Drie jaar later het ek na Jerusalem gegaan om vir Sefas te leer ken. Ek het twee
weke by hom gebly.

19Ek het nie een van die ander apostels gesien nie, ek het net vir Jakobus, die broer
van die Here, gesien.

20Ek skryf vir julle die waarheid, die Here is my getuie.

21Later het ek na die provinsies Sirië en Silisië gegaan.

22Die gemeentes van die Christene in die provinsie Judea het my nie geken nie.

23Hulle het net gehoor die mense sê: “Paulus het verander, hy het voorheen baie
slegte dinge aan ons gedoen en hy het probeer om ons geloof te breek, maar nou
vertel hy vir almal dat hulle in Christus moet glo.”

24En hulle het God geprys omdat ek verander het.

Galasiërs 2

Paulus en Barnabas in Jerusalem

1Ná 14 jaar het ek en Barnabas weer na Jerusalem gegaan. Ek het vir Titus
saamgeneem.

2Ek het gegaan omdat God gesê het ek moet daarnatoe gaan. In Jerusalem het ek vir
die gelowiges verduidelik hoe ek die goeie boodskap vir die heidene preek. Toe ek
alleen by die belangrike leiers was, het ek dit vir hulle ook verduidelik. Ek wou seker
maak dat ek die regte boodskap preek.

3Titus was saam met my. Hy is ’n Griek, maar die gelowiges in Jerusalem het nie vir
hom gesê hy moet hom laat besny nie.

4Daar was mense in die gemeente in Jerusalem wat nie regtig gelowiges was nie.
Hulle het skelm kom luister na wat ek sê, want hulle wou my beskuldig omdat ek sê

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Christus Jesus het ons vrygemaak. Hulle wou hê ons moet weer slawe word van die Wette van Moses.

5Ons het glad nie na hulle geluister nie. So het ons seker gemaak dat julle ook die waarheid van die goeie boodskap kon hoor.

6Die belangrike leiers in die gemeente in Jerusalem het niks verander aan my boodskap nie. Dit maak nie vir my saak dat hulle belangrik is nie. God dink nie dat een mens belangriker is as ’n ander mens nie.

7Die belangrike leiers in Jerusalem het besef dat God vir my gesê het ek moet die goeie boodskap vir die heidene bring, soos Hy vir Petrus gesê het hy moet die goeie boodskap vir die Jode bring.

8Ja, God het vir Petrus krag gegee om ’n apostel vir die Jode te wees en dieselfde God het vir my ook krag gegee om ’n apostel vir die heidene te wees.

9Jakobus, Sefas en Johannes was die belangrikste leiers in die gemeente in Jerusalem. Toe hulle besef dat God baie goed was vir my, het hulle my en Barnabas se hande geskud en gesê ons kan almal saamwerk. Ek en Barnabas moes vir die heidene preek en hulle moes vir die Jode preek.

10Hulle het net een ding vir my gevra, hulle het gevra dat ek ook die arm mense van die gemeente in Jerusalem moet help. Dit het ek baie graag gedoen.

Paulus en Petrus stry in Antiogië

11 Sefas het na die stad Antiogië gekom. Hy het daar iets gedoen waarvan God nie hou nie en ek het toe reguit vir hom gesê dat hy verkeerd doen.

12Voorheen het hy altyd saam geëet met die Christene wat nie Jode was nie. Maar later het daar party van Jakobus se mense in Antiogië aangekom. Toe het Sefas skielik opgehou om saam te eet met die Christene wat nie Jode was nie, want hy was bang vir die Joodse Christene.

13Toe het die ander Joodse Christene dit ook gedoen, hulle was net so skynheilig soos Sefas. Ook Barnabas het skynheilig geword.

14Ek het gesien hulle doen verkeerd, hulle verander die waarheid van die goeie boodskap. Daarom het ek vir Sefas gesê, en almal het dit gehoor: “Sefas, jy is ’n Jood, maar jy lewe soos die mense wat nie Jode is nie. Nou sê jy vir die mense wat nie Jode is nie, dat hulle soos Jode moet lewe. Jy mag dit nie doen nie.

15Ek en jy was Jode vandat ons gebore is, ons was nie heiden-sondaars nie.

16Ons weet dat God mense vryspreek van hulle sonde. Hy doen dit omdat hulle in Jesus Christus glo, nie omdat hulle doen wat die wette sê nie. Daarom het ek en jy ook in Christus Jesus geglo en God het ons vrygespreek. God het dit gedoen omdat

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

ons in Christus glo, nie omdat ons doen wat die wette sê nie. In die Ou Testament is geskryf: “ God spreek mense vry, maar nie omdat hulle doen wat die wette sê nie.

17“Ek en jy is Jode, ons wou hê dat God ons moet vryspreek van ons sonde omdat ons in Christus glo. Ja, ons het besef dat ons sondaars is, soos die heidene. Kan ons nou sê dit is Christus se skuld dat ons, die Jode, ook sondaars is? Nee, nooit nie.”

18Ek weet nou God spreek mense vry van hulle sonde omdat hulle in Christus glo. Ek kan nie nou ’n ander boodskap preek nie, want dan doen ek nie wat God wil hê nie.

19Christus het aan die kruis gesterf, en ek het saam met Hom gesterf. Daarom, die wette het my laat sterf, maar nou is ek los van die wette, en nou lewe ek om God te eer.

20Dit is nie ék wat lewe nie, dit is Chrístus wat in my lewe. Ek lewe nou só: Ek glo in die Seun van God, die Seun wat lief is vir my en wat gesterf het sodat ek kan lewe.

21Party mense sê God spreek mense vry omdat hulle doen wat die wette sê. Dit is nie waar nie. As dit waar is, dan help dit niks dat Christus gesterf het nie. Nee, ek kan nie die genade van God weggooi nie.

Galasiërs 3

Die wette kan ’n mens nie red nie

1Julle in Galasië moenie so dom wees nie! Ek het vir julle gepreek en so goed verduidelik dat Jesus Christus gekruisig is. Maar dit lyk vir my iemand het julle getoor en julle koppe deurmekaar gemaak.

2Daar is een baie belangrike ding wat julle moet onthou: God het vir julle die Heilige Gees gegee. Hoekom? Nie omdat julle doen wat die wette sê nie, maar omdat julle die goeie boodskap gehoor en geglo het.

3Julle moenie so dom wees nie! Toe julle begin glo het, het die Heilige Gees in julle begin werk, maar nou wil julle die werk met julle eie krag klaarmaak.

4Daar het so baie dinge met julle gebeur, en nou lyk dit of dit alles niks gehelp het nie. Ek hoop nie so nie!

5God gee vir julle die Heilige Gees en God doen wonderwerke in julle gemeentes. Hoekom doen Hy dit? Hy doen dit omdat julle die goeie boodskap gehoor het en dit glo, nie omdat julle doen wat die wette sê nie.

Christene moet doen soos Abraham

6Dit het ook met Abraham gebeur: Hy het God geglo en God het hom vrygespreek van sy sonde.

7Daarom moet julle dit weet: Die kinders van Abraham is die mense wat in Christus glo.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

8Die Ou Testament het lank gelede gesê dat God die heidene sal vryspreek van hulle sonde omdat hulle glo. Daarom het God hierdie goeie boodskap vir Abraham gegee: Ek seën jou, en daarom sal Ek ook al die heidene seën.

9Daarom moet julle dit weet: God het vir Abraham geseën en God seën almal wat glo soos Abraham glo.

10Daar is mense wat dink God spreek hulle vry omdat hulle doen wat die wette sê, maar God vervloek hulle. Want in die Ou Testament is geskryf: God vervloek elkeen wat nie alles doen wat in die wette geskryf is nie.

11Ja, dit is waar. God spreek nie mense vry omdat hulle doen wat die wette sê nie. As mense doen wat die wette sê, dan spreek God hulle nie vry nie. Want in die Ou Testament is geskryf: Wanneer God mense vryspreek omdat hulle glo, dan sal hulle lewe.

12Die wette vra nie dat mense moet glo nie, die wette vra dat die mense moet doen wat die wette sê. Want in die Ou Testament is geskryf: Elkeen wat doen wat die wette sê, sal lewe omdat hy dit gedoen het.

13Ja, God vervloek almal wat nie doen wat die wette sê nie. Maar God het ons nie vervloek nie, Hy het Christus vervloek in ons plek. Want in die Ou Testament is geskryf: God vervloek elkeen wat aan ’n houtpaal hang. En so het Christus ons vrygemaak.

14Daarom kon die heidene God se seën kry, die seën wat Hy vir Abraham belowe het en wat Hy nou vir hulle gee omdat hulle aan Christus Jesus behoort. Daarom kon ons wat glo, die Heilige Gees kry, die Gees wat God vir ons belowe het.

‘n Testament is ’n voorbeeld van die verbond

15Vriende, ek gaan nou ’n voorbeeld gebruik om te verduidelik wat ek sê: Wanneer ’n mens ’n testament gemaak het, dan kan iemand anders dit nie verander of sê dit beteken niks nie.

16Dit is dieselfde met die verbond. In die Ou Testament is geskryf dat God ’n belofte gemaak het aan Abraham en aan sy nageslag. Daar is nie geskryf “baie nageslagte” nie, maar “een nageslag,” en dit is Christus.

17God het eers sy verbond gemaak met sy volk en 430 jaar later het Hy die wette gegee. Nou sê ek: Die wette het baie later gekom, daarom kan die wette nie God se verbond verander en God se belofte breek nie.

18As ons eers moet doen wat die wette sê sodat ons dit kan kry wat God vir ons wil gee, dan kry ons dit omdat ons doen wat die wette sê, nie omdat God dit belowe het nie. Maar ons weet God het dit vir Abraham gegee omdat God goed was vir Abraham en omdat God dit belowe het.

Hoekom het God die wette gegee?

© Bible Society of South Africa.

19Hoekom het God die wette gegee? Hy het dit gegee omdat mense sonde doen. Maar die wette was net belangrik totdat Christus gekom het. Christus is die nageslag van Abraham, en dit wat God vir Abraham belowe het, het Hy vir Christus belowe. Engele het die wette vir Moses gegee, en Moses het die wette vir die mense gegee.

20God het die wette vir Moses gegee en Moses het die wette vir die mense gegee. Dit beteken: Die wette het nie reguit van God gekom nie. Maar ons weet: God is een.

Die wette het die mense opgepas

21Is die wette en God se beloftes dan vyande van mekaar? Nee, glad nie. Maar die wette kan nie vir mense die ware lewe gee nie, daarom sal God hulle nie vryspreek wanneer hulle doen wat die wette sê nie.

22Die Ou Testament sê almal is sondaars, maar nou gee God die dinge wat Hy belowe het vir die mense wat in Jesus Christus glo.

23Die wette was vir ons soos 'n wag. Dit het ons toegesluit en opgepas totdat God gesê het dit is nou die regte tyd vir mense om in Christus te glo.

24Die wette het ons opgepas soos 'n mens 'n kind oppas wat nie vir homself kan sorg nie. Die wette het ons opgepas totdat Christus gekom het. Toe het ons in Hom geglo, en God het ons vrygespreek van ons sondes.

25Nou glo ons in Christus en daarom is dit nie nodig dat die wette ons moet oppas nie.

Kinders van God

26Julle almal is kinders van God, want julle glo in Christus Jesus.

27Julle is gedoop en julle is nou by Christus. Christus is nou so naby julle soos die klere wat julle aantrek.

28Party van julle is Jode en party is Grieke, party van julle is slawe en party is nie slawe nie, party van julle is mans en party is vroue. Maar dit alles maak nie meer saak nie, want julle behoort almal saam aan Christus Jesus, julle is een.

29En as julle aan Christus behoort, dan is julle die kinders van Abraham en dan kry julle wat God belowe het. Ja, julle kry dit omdat God dit belowe het.

Galasiërs 4

God het sy Seun gestuur om ons vry te maak

1Ek gaan nou 'n voorbeeld gebruik om vir julle iets te verduidelik: Wanneer iemand iets erf, en hy is nog baie jonk, dan behoort dit alles aan hom, maar hy is soos 'n slaaf.

© Bible Society of South Africa.

2Hy moet doen wat die mense vir hom sê, die mense wat sy goed moet oppas. Maar wanneer hy so oud is soos sy pa gesê het hy moet wees om te erf, dan mag hy self besluit wat om te doen met sy goed.

3Dit was dieselfde met ons. Ons was ook eers soos mense wat baie jonk is, ons was slawe van die afgode of slawe van die Wette van Moses.

4Maar toe God besluit het dit is die regte tyd, het Hy sy Seun gestuur. Sy Seun was ’n mens, soos ons, en Hy moes doen wat die wette sê.

5Ons was slawe van die wette, maar God het sy Seun gestuur om ons vry te maak. So het God ons aangeneem, en ons het sy kinders geword.

6Omdat ons God se kinders is, het God sy Seun se Gees, die Heilige Gees, in ons harte gestuur, en die Gees sê in ons harte dat God ons Vader is.

7Daarom is ons nie meer slawe van die wette nie, ons is nou kinders van God. En omdat ons kinders van God is, sal God ook vir ons gee wat Hy vir ons belowe het.

Paulus is baie bekommerd oor die gelowiges in Galasië

8Voorheen, toe julle nog nie vir God geken het nie, het julle ander gode gedien wat nie regtig gode is nie.

9Maar nou ken julle vir God, of, dit is beter om te sê dat God nou vir julle ken. Daarom moet julle nie nou weer teruggaan en slawe word van die Wette van Moses nie, wette wat niks beteken nie.

10Julle probeer om al die feeste te vier wat die Jode vier, elke dag en maand en tyd wat die Jode vier. Dit is verkeerd.

11Daarom is ek bekommerd dat al my harde werk niks gehelp het vir julle nie.

12Vriende, ek vra baie mooi vir julle: Julle moet word soos ek, want ek het voorheen geword soos julle. Julle was toe goed vir my.

13Julle weet ek het die eerste maal daar by julle die goeie boodskap gepreek omdat ek siek was.

14Julle het baie swaar gekry omdat ek siek was, maar julle het my nie daaroor gehaat nie en julle was nie skaam oor my nie. Julle het my gehelp en ek was welkom by julle soos ’n engel van God, ja, soos Christus Jesus self.

15Julle het baie gelukkig gevoel. As julle kon, dan sou julle toe julle oë uitgehaal het om dit vir my te gee. Maar nou is julle heeltemal anders!

16Julle moenie dink ek is nou julle vyand omdat ek die waarheid praat nie!

17Daardie mense by julle wil vir julle baie dinge doen, maar dit is verkeerde dinge. Hulle wil julle weghou van my, want hulle wil hê julle moet vir hulle dinge doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18Julle moet onthou: Julle moet elke dag goeie dinge doen, wanneer ek by julle is, en
ook wanneer ek nie by julle is nie.

19Julle is vir my soos my kinders, julle laat my nou weer baie swaar kry, en dit sal
aanhou totdat Christus die belangrikste is in julle lewens.

20Ek wens ek was nou daar by julle. Dan kon ek op ’n ander manier met julle probeer
praat, want ek weet nie wat om nou vir julle te sê nie.

Die voorbeeld van Hagar en Sara

21Julle wil so graag slawe wees van die Wette van Moses, maar julle luister nie goed
wat die wette sê nie.

22In die Ou Testament is geskryf dat Abraham twee seuns gehad het. Die een seun
se ma was die slavin Hagar, en die ander seun se ma was Sara, sy was nie ’n slavin
nie.

23Die slavin Hagar se seun is gebore soos al die ander kinders. Maar die seun van
Sara, die vrou wat nie ’n slavin was nie, is gebore omdat God dit belowe het.

24Die verhaal van hierdie twee vroue beteken meer. Hulle is soos twee verbonde.
Die een vrou Hagar is soos die verbond wat die Here op Sinai-berg gemaak het.
Hierdie verbond maak dat mense slawe van wette word.

25Ja, Hagar is soos Sinai-berg in Arabië, en soos Jerusalem wat hier op die aarde is,
want hierdie Jerusalem en al sy mense is slawe van wette.

26Maar ons is die kinders van die Jerusalem wat in die hemel is, en daardie Jerusalem
is nie ’n slaaf nie.

27In die Ou Testament is geskryf: Jy is soos ’n vrou wat nie kinders kon kry nie, maar
jy moet juig en baie bly wees, want jy wat alleen was, sal meer kinders hê as ’n
getroude vrou.

28Vriende, Isak is gebore omdat God ’n belofte gemaak het. So het julle ook kinders
van God geword omdat God dit belowe het.

29Daardie tyd het die een seun, die seun wat gebore is soos al die ander kinders, die
ander seun laat swaarkry. Die ander seun is gebore nadat die Gees van God dit
belowe het. Dieselfde gebeur nou daar by julle in Galasië.

30Daarom moet julle doen wat in die Ou Testament geskryf is: Julle moet die slavin
en haar seun wegjaag, want haar seun mag nie erf saam met die ander seun nie. Die
seun van die vrou wat nie ’n slavin is nie, moet alleen erf.

31Ja, vriende, ons is nie kinders van ’n slavin nie. Ons is kinders van die vrou wat nie
’n slavin is nie.

Galasiërs 5

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

[1]Christus het julle vrygemaak. Daarom moet julle vry bly. Julle moenie dat ander mense julle weer slawe van wette maak nie.

Christene moenie besny word nie

[2]Ek, Paulus, sê nou vir julle: As julle vir julle laat besny, dan help dit nie dat julle in Christus glo nie.

[3]Ek sê weer reguit vir julle: Elkeen wat hom laat besny, moet dan alles doen wat al die wette sê.

[4]Julle wat dink God sal julle vryspreek omdat julle doen wat die wette sê, julle is nie meer by Christus nie. Julle het God se genade verloor.

[5]Maar ons hoop en ons weet God sal ons vryspreek omdat ons die Heilige Gees het en in Christus glo.

[6]As ons aan Christus Jesus behoort, dan maak dit nie saak of ons besny is of nie besny is nie. Wat is belangrik? Dit is belangrik dat ons moet glo en dat ons lief moet wees vir God en vir ander mense.

[7]Julle het voorheen gedoen wat God wil hê, maar nou keer iemand vir julle en julle doen nie meer daardie dinge nie, die dinge wat mense doen wat die waarheid ken.

[8]Dit is nie God wat vir julle keer nie. God het julle geroep, en julle is nou sy kinders.

[9]Julle moet onthou ’n klein bietjie suurdeeg laat al die deeg rys.

[10]Ek is seker julle sal dink soos ek dink, want julle behoort aan die Here. Maar God sal die man straf wat julle koppe deurmekaar maak. Dit maak nie saak wie daardie man is nie.

[11]Vriende, daar is mense wat sê ek preek en sê gelowiges moet hulle laat besny, maar dit is nie waar nie. Ek het vir gelowiges gesê hulle moet hulle nie laat besny nie, dit is hoekom party mense my laat swaarkry. Want as ek vir gelowiges gesê het hulle moet hulle laat besny, dan was my boodskap oor die kruis van Christus nie vir party mense ’n probleem nie.

[12]Ek wens al die mense daar by julle wat julle koppe deurmekaar maak en wat sê julle moet besny word, sny hulle eie geslagsorgane heeltemal af.

Die Heilige Gees wil gelowiges se lewens regeer

[13]Vriende, God wil hê julle moet vry wees, maar julle moenie dink julle is vry en dan doen julle die slegte dinge wat mense graag doen nie. Nee, julle moet lief wees vir mekaar en julle moet mekaar help.

[14]Want die boodskap van al God se wette is: “ Jy moet lief wees vir jou naaste soos jy lief is vir jouself.”

[15]Maar julle doen dit nie. Julle is soos honde wat mekaar byt en hap. Julle moet oppas dat julle nie mekaar op-eet nie!

© Bible Society of South Africa.

16Ek sê vir julle: Die Heilige Gees moet julle lewens regeer. Dan sal julle nie die slegte
dinge doen wat mense graag doen nie.

17Want die slegte dinge binne-in julle harte wil altyd iets anders hê as wat die Heilige
Gees wil hê. En die Heilige Gees wil iets anders hê as wat die slegte dinge in julle
harte wil hê. Hulle is altyd teen mekaar. Daarom kan julle nie die dinge doen wat
julle self wil doen nie.

18En as die Heilige Gees julle lewens regeer, dan regeer die wette nie meer oor julle
nie.

19Almal weet wat die slegte dinge is wat mense graag doen: Hulle lewe onsedelik,
hulle slaap by mense met wie hulle nie getroud is nie, hulle doen wat hulle wil,

20hulle dien afgode, hulle toor, hulle is vyande van ander mense, hulle haat ander
mense, hulle is jaloers, hulle word maklik kwaad, hulle stry met almal, hulle maak
mense kwaad vir mekaar, hulle maak mense vyande van mekaar,

21hulle wil nie hê ander mense moet meer hê as hulleself nie, hulle drink totdat hulle
dronk is, hulle hou wilde partytjies, en hulle doen nog meer slegte dinge. Ek het
voorheen vir julle gesê en ek sê nou weer: Mense wat hierdie dinge doen, sal nie
die ewige lewe kry nie, die lewe by God, die Koning.

22Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan doen hulle goeie dinge:
Hulle is lief vir ander mense, hulle is bly, hulle maak vrede, hulle is geduldig,
vriendelik en goed, hulle doen wat hulle belowe,

23hulle word nie maklik kwaad nie, hulle bly kalm. Die wette sê al hierdie dinge is
goed.

24Ja, die mense wat aan Christus Jesus behoort, het opgehou om slegte dinge te
doen, hulle wil dit nie meer doen nie.

25Die Heilige Gees het die ware lewe vir ons gegee. Daarom moet ons ook vir die
Gees vra om ons lewe te regeer.

26Ons moenie hoogmoedig wees nie en ons moenie mekaar terg en jaloers wees op
mekaar nie.

Galasiërs 6

Christene moet mekaar help

1Vriende, die Heilige Gees regeer julle lewens. Daarom, wanneer julle sien iemand
doen sonde, dan moet julle mooi met hom praat en hom help om reg te lewe. Maar
pasop dat julle nie dieselfde sonde doen nie.

2Julle moet mekaar help wanneer julle swaarkry, want dan doen julle wat Christus
wil hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Wanneer iemand dink dat hy belangrik is, maar hy is nie belangrik nie, dan dink hy dat hy iets is wat hy nie is nie.

4Elkeen van julle moet kyk wat hy self doen. As dit goed is, dan kan hy trots voel op dit wat hy self doen, en nie oor die dinge wat iemand anders doen nie.

5Want elkeen sal self vir God moet verduidelik hoekom hy dinge gedoen het.

6As iemand die boodskap van God vir julle leer, dan moet julle vir hom ook gee van al die goeie dinge wat julle het.

7Julle moenie ’n fout maak en dink God is nie belangrik nie. Julle moet dit weet: Die dinge wat julle saai, dit sal julle terugkry.

8As die dinge wat julle saai, die verkeerde dinge is wat mense graag doen, dan sal julle ook die verkeerde dinge terugkry, julle sal sterf. Maar as die dinge wat julle saai, die dinge is wat die Gees wil hê, dan sal julle die ewige lewe kry wat die Gees vir julle gee.

9Ja, ons moenie ophou om goeie dinge te doen nie, want as ons aanhou om goeie dinge te doen, dan sal ons op die regte tyd die ewige lewe kry.

10Daarom, ons moet vir almal goed wees terwyl ons tyd het, vir die mense wat in Christus glo, en dan ook vir ander mense.

Die einde van die brief

11Nou skryf ek met my eie hand. Julle kan sien hoe groot die letters is.

12Daardie mense wat aanhou sê julle moet julle laat besny, doen dit omdat hulle net belangstel in mense se liggame. Hulle doen dit, want hulle is bang dat hulle sal swaarkry as hulle moet sê dat mense net moet glo in Christus wat gekruisig is, nie ook in die besnydenis nie.

13Hulle is besny, maar hulle doen self nie wat die wette sê nie. Hulle wil julle laat besny, sodat hulle kan spog oor wat hulle met julle gedoen het.

14Ek wil nie soos hulle wees nie. Ek wil net oor een ding spog, en dit is oor die kruis van ons Here Jesus Christus. Hy het vir my gesterf, en daarom is die dinge waaroor die mense spog, nie belangrik vir my nie, en ek is nie belangrik vir daardie mense wat oor hierdie dinge spog nie.

15Want dit is nie belangrik of ’n mens besny is of nie besny is nie. Die belangrikste is: Ons Here Jesus Christus het ons verander, ons is nou nuwe mense.

16As mense so lewe, dan sal God vir hulle vrede gee en Hy sal baie goed wees vir hulle. Die mense wat so lewe, is nou Israel, die volk van God.

17Niemand moet my nou weer oor hierdie dinge pla nie, want ek het al baie swaar gekry vir Jesus. ’n Mens kan die merke daarvan op my liggaam sien.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18 Vriende, ek bid dat ons Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle. Amen.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Efesiërs

Efesiërs 1

1Ek, Paulus, is ’n apostel van Christus Jesus omdat God dit wil hê. Ek skryf hierdie brief vir julle wat in die stad Efese woon, julle wat aan God behoort en in Christus Jesus glo.

2Ek bid dat God ons Vader en die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle vrede sal gee.

God het baie goeie dinge vir die gelowiges gedoen

3Ons prys die God en Vader van ons Here Jesus Christus, want God was baie goed vir ons. Ons behoort aan Christus, en die Heilige Gees het vir ons al die goeie dinge gegee wat in die hemel is.

4God het ons gekies sodat ons aan Christus kan behoort. Ja, God het ons gekies voordat Hy die wêreld gemaak het. Hy het dit gedoen sodat ons aan Hom sal behoort en reg sal lewe en vol liefde sal wees.

5Voordat God die wêreld gemaak het, het Hy besluit dat ons sy kinders moet wees. Hy het vir Jesus Christus gestuur sodat ons God se kinders kon word. God wou graag hê ons moet sy kinders wees.

6God was baie goed vir ons, Hy het sy Seun gestuur, Hy is lief vir sy Seun. Daarom prys ons Hom, die Koning wat goed is vir ons.

7-8Die bloed van Christus het gevloei, en Hy het gesterf. So het God ons vrygemaak en ons sondes vergewe. God was baie goed vir ons. Ja, Hy was baie baie goed vir ons. Hy het vir ons al die wysheid en die kennis gegee.

9Niemand het voorheen geweet wat God oor Christus besluit het nie, maar nou het God dit vir ons gesê. God het besluit om dit so te doen, Hy wou dit graag doen.

10Hy het besluit wanneer dit die regte tyd sal wees, wanneer Christus moet kom sodat alles in die hemel en op die aarde saam aan Christus sal behoort en een sal wees.

11God het lank gelede besluit dat ons aan Hom moet behoort, daarom het Hy vir Christus gestuur. En wanneer God besluit dat iets moet gebeur, dan gebeur dit.

12God het dit gedoen, want Hy wou hê dat ons Hom, die Koning, moet prys, ons wat eerste begin glo het en seker is dat Christus ons sal red.

13Julle in Efese behoort ook aan Christus, julle het die regte boodskap gehoor, die goeie boodskap dat God julle wil red. Julle behoort aan Christus, julle glo in Hom, en daarom het God vir julle die Heilige Gees gegee wat Hy belowe het. Die Heilige Gees wys dat julle aan God behoort.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Ja, ons het die Heilige Gees, en daarom weet ons God sal vir ons alles gee wat Hy vir ons belowe het. Hy sal ons heeltemal vrymaak, ons wat aan Hom behoort. Daarom moet ons vir God, ons Koning, prys!

Paulus bid vir almal wat in Christus glo

15Ek het gehoor dat julle in die Here Jesus glo en dat julle lief is vir almal wat aan God behoort.

16Daarom, wanneer ek bid, sê ek altyd vir God dankie vir julle, en dink ek aan julle.

17Dan vra ek vir die God van ons Here Jesus Christus, vir die Vader wat Koning is, Hy moet vir julle wysheid gee en Hy moet vir julle wys hoe julle Hom kan ken.

18Ek bid dat God julle sal help om regtig te weet wat julle sal kry omdat Hy julle gekies het om aan Hom te behoort. Julle sal al die dinge kry wat Hy, die Koning, sal gee vir die mense wat aan Hom behoort.

19Ek bid ook dat julle sal weet dat God se krag baie sterk is, en dat Hy sy krag in ons lewens gebruik, in ons wat glo.

20Dit is dieselfde sterk krag wat God gebruik het toe Hy vir Christus weer laat lewe het en Hom laat sit het op die belangrikste plek by Hom in die hemel.

21Christus is belangriker as almal en alles wat oor die wêreld wil regeer, belangriker as enige iets waaraan ’n mens kan dink, nou of in die tyd wat kom.

22-23God het Christus laat wen teen al sy vyande. Hy het vir Christus die Hoof gemaak van alles. God het dit gedoen sodat dit goed sal gaan met die kerk. Die kerk is die liggaam van Christus. Hý alleen laat die kerk waarlik lewe, Hy laat alles lewe.

Efesiërs 2

God red ons, want Hy is goed vir ons

1Voorheen, voordat julle in Christus geglo het, was julle geestelik dood, want julle het baie verkeerde dinge, baie sondes, gedoen.

2Julle het gelewe soos die mense van die wêreld lewe. Julle het gedoen wat die Satan wil hê julle moet doen. Die Satan is die hoof van die bose geeste wat oor die wêreld wil regeer en dit is hy wat nou werk in die harte van die mense wat ongehoorsaam is aan God.

3Ons almal het ook soos daardie mense gelewe wat graag slegte dinge doen. Ons het slegte dinge gedoen en slegte planne gemaak. Ons was sleg vandat ons gebore is, so sleg soos al die ander slegte mense, en God sal slegte mense straf.

4Maar God is baie jammer vir ons. Hy is baie lief vir ons en Hy het dit vir ons gewys.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

5Ons was geestelik dood, want ons het verkeerde dinge gedoen. Maar God het vir Christus weer laat lewe, en so het Hy ons laat lewe. Julle moet onthou God het julle gered omdat Hy goed is vir julle.

6Ons behoort aan Christus Jesus. God het vir Christus weer laat lewe en Hy het ons ook weer laat lewe. God het vir Christus ’n plek in die hemel gegee en Hy het vir ons ook ’n plek in die hemel gegee.

7God het dit alles gedoen omdat Hy altyd wil wys dat Hy baie goed en lief is vir ons. Dit is hoekom Hy vir Christus Jesus gestuur het.

8Ja, God het julle gered omdat Hy baie goed is vir julle, julle wat in Christus glo. Julle het julle nie self gered nie. Nee, Gód het julle gered, Hý was so goed vir julle.

9God het julle gered, maar Hy het dit nie gedoen omdat julle goeie dinge gedoen het nie. Daarom mag niemand spog nie,

10want dit is God wat ons gemaak het wat ons is. Hy het vir Christus Jesus gestuur sodat ons soos nuwe mense kan lewe en goeie dinge kan doen. God het hierdie goeie dinge wat ons moet doen, lank gelede gereedgemaak.

Christus het vrede gemaak tussen die Jode en die ander mense

11Julle moet onthou julle was heidene. Die Jode het gesê julle is nie besny nie. Dit is waar dat die Jode besny is, maar dit is net hulle liggame wat verander het.

12Julle moet onthou julle het voorheen nie aan Christus behoort nie. Israel was die volk van God, nie julle nie. God het verbonde gemaak met Israel, nie met julle nie. God het dinge belowe vir Israel, nie vir julle nie. Julle was mense wat nie seker was dat daar eendag goeie dinge met julle sal gebeur nie. Julle het nie aan God behoort nie.

13Maar nou het julle naby God gekom, julle wat voorheen ver van Hom was. Christus Jesus het vir julle gesterf en Hy het julle naby God gebring.

14Dit is Christus wat vrede gebring het tussen ons. Die Jode en die heidene was altyd apart en hulle was mekaar se vyande. Dit was soos ’n muur tussen die Jode en die heidene. Maar Christus het die muur afgebreek en Hy het die Jode en die heidene bymekaargebring. Hulle is nou nie meer vyande nie.

15Christus het gesê die Jode se wette en reëls beteken nou niks, dit is nie meer belangrik nie. Hy het die Jode en die heidene saam soos een nuwe mens gemaak. So het Hy vrede gemaak tussen hulle.

16Toe Christus aan die kruis gesterf het, het Hy die sonde van die Jode en die heidene weggeneem, sodat alles nou reg is tussen God en hulle. Die Jode en die heidene is nou soos een liggaam, hulle is nie meer vyande van mekaar nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

17Christus het kom sê daar is nou vrede vir julle wat ver van God was en daar is vrede vir die Jode wat naby God was.

18Ja, Christus het gesterf, en nou kan ons almal, Jode en heidene, kom by God die Vader, want ons almal het die Heilige Gees gekry, en daar is net een Heilige Gees.

19Daarom is julle nie meer soos vreemdelinge nie, soos mense wat nie ’n eie plek het nie. Julle is nou ook mense wat aan God behoort, julle is soos sy eie huisgesin.

20Julle is die kerk, julle is soos ’n gebou. Die fondament van die gebou is die apostels en die profete, en Christus Jesus is self die belangrikste klip in die gebou.

21Hy, Christus, hou die hele gebou regop en Hy maak dit sterk. Hy, die Here, laat die kerk groei en Hy maak dit ’n tempel wat aan die Here behoort.

22Christus het die Heilige Gees gestuur, en die Heilige Gees maak julle ’n deel van hierdie gebou, die gebou wat die woonplek van God is.

Efesiërs 3

Paulus het hard gewerk vir die gelowiges in Efese

1Ek, Paulus, is nou in die tronk omdat ek aan Christus behoort. Ek is in die tronk omdat ek vir julle van Hom vertel het, julle wat heidene is.

2Julle het gehoor dat God goed was vir my en dat Hy vir my die werk gegee het om vir julle te vertel dat God ook vir júlle goed is.

3Julle het gehoor dat Hy vir my gesê en gewys het wat sy boodskap oor Christus is, die boodskap wat niemand voorheen geken het nie. Dit is wat ek in hierdie brief klaar vir julle geskryf het.

4Wanneer julle nou verder lees, dan sal julle weet dat ek die boodskap oor Christus verstaan.

5God het nou sy Gees gestuur om dit vir sy gewyde apostels en profete te bring. Hy het die boodskap nie so gestuur vir die mense wat voorheen gelewe het nie.

6Daardie boodskap is: Julle is heidene, maar julle behoort aan Christus Jesus en julle glo die goeie boodskap. Daarom gee God nou ook vir julle baie goeie dinge, soos Hy vir die Jode gegee het. Julle en die Jode is nou almal saam, julle is soos een liggaam. En julle sal ook kry wat God belowe het.

7Nou is dit my werk om die goeie boodskap vir julle te bring. Dit is die present wat God vir my gegee het. God was goed vir my, Hy is sterk en Hy het my verander.

8Ja, God was baie goed vir my. Ek is minder belangrik as al die ander mense wat aan God behoort, maar God het gesê ek moet die goeie boodskap vir die heidene bring.

© Bible Society of South Africa.

Die goeie boodskap is dat Christus baie goeie dinge vir mense gee, baie meer as wat hulle kan weet.

9God wat alles gemaak het, het eeue lank vir niemand gesê wat Hy wil doen nie, niemand het sy boodskap oor Christus geken nie. Maar nou het God gesê ek moet vir almal help om te verstaan wat Hy doen.

10Daarom kan die kerk nou vir almal en alles wat oor die wêreld wil regeer, vertel van die wonderlike wysheid van God.

11God het lank gelede besluit wat Hy wou doen. Hy het Christus Jesus, ons Here, gestuur om dit te doen.

12Ons behoort aan Christus en ons glo in Hom. Daarom is ons nie bang om vir God iets te vra nie. Ons glo dat God sal doen wat Hy gesê het.

13Ek bid dat julle nie moedeloos sal word omdat ek swaarkry nie. Nee, julle kan trots wees dat ek swaarkry.

Paulus bid vir die gelowiges in Efese

14God is baie goed vir ons. Daarom kniel ek en bid ek tot Hom, ons Vader.

15Hy is die Vader wat almal laat lewe, almal in die hemel en op die aarde.

16Ek bid en vra vir God, ons Koning, dat Hy die Heilige Gees moet gebruik en dat Hy julle moet help sodat die geloof in julle harte sterker word.

17Ek bid dat julle sal glo in Christus, dat Hy in julle harte sal woon en dat julle lewens heeltemal vol liefde sal wees.

18Dan sal julle weet hoe groot Christus se liefde vir julle is, hoe wyd, hoe lank, hoe hoog en hoe diep dit is. Julle sal dit weet saam met die ander mense wat aan God behoort.

19Julle kan seker wees dat Christus lief is vir julle, baie meer as wat julle besef. Dan sal julle presies wees soos God wil hê julle moet wees.

20-21Ja, die kerk, almal wat aan Christus Jesus behoort, moet vir God prys, want God is baie sterk. En Hy gebruik sy krag in ons. Hy kan baie meer doen as wat ons dink of vir Hom vra. Almal moet Hom, ons Koning, altyd prys. Amen.

Efesiërs 4

Al die gelowiges is saam soos een liggaam, want hulle behoort aan Christus

1Ek, Paulus, is in die tronk omdat ek die Here dien. Ek sê ernstig vir julle: God het julle gekies en julle behoort nou aan Hom. Daarom moet julle nou lewe soos mense wat aan Hom behoort.

© Bible Society of South Africa.

[2]Julle moenie hoogmoedig wees en gou kwaad word nie. Julle moet geduldig wees, julle moet mekaar vergewe omdat julle lief is vir mekaar.

[3]Die Heilige Gees het julle saamgebind soos een liggaam. Julle moet baie hard probeer om te lewe soos mense wat een liggaam is, julle moet in vrede lewe.

[4]Julle is een, en soos ’n mens net een liggaam het, so het julle almal dieselfde Heilige Gees in julle harte. Want God het julle almal gekies, julle almal behoort aan Hom, en julle is nou almal seker dat God sal doen wat Hy belowe het.

[5]Julle het almal een Here, julle glo dieselfde dinge, julle is almal gedoop.

[6]Julle behoort almal aan dieselfde God. Hy is die Vader van almal. Hy regeer oor almal en oor alles, Hy laat almal en alles vir Hom werk, Hy is in almal.

[7]Christus het vir elkeen van ons die genadegawe gegee wat Hy vir ons wou gee. Die genadegawe wat Hy vir ons gegee het, is soos ’n present.

[8]Daarom lees ons in die Ou Testament: Hy het opgegaan na die hemel en Hy het gevangenes saamgeneem, Hy het vir die mense presente gegee.

[9]Ons lees: Hy het opgegaan. Dit beteken Christus het eers afgekom ondertoe, na die aarde.

[10]Ja, Christus het afgekom na die aarde en toe het Hy weer teruggegaan na die hoogste hemel. Hy het dit gedoen sodat Hy oral en altyd kan regeer.

[11]En Christus het vir ons presente, genadegawes, gegee. Die genadegawes is die apostels, die profete, en die leiers wat die goeie boodskap bring of vir die gelowiges sorg of vir hulle leer.

[12]Christus wil hê hierdie mense moet God se mense help sodat hulle beter en beter vir God kan werk, en sodat die kerk sterker en groter kan word, die kerk wat soos Christus se liggaam is.

[13]Christus wil hê ons moet almal dieselfde dinge glo en ons moet Hom, die Seun van God, baie goed ken. Ons moet soos kinders wees wat grootgeword het en wat nou grootmense is, soos Christus wat is soos God wil hê Hy moet wees.

[14]Daar is mense wat skelm is, hulle wil hê ons moet dinge glo wat nie waar is nie. Hulle kom vertel vir ons dinge wat verkeerd is en hulle wil hê ons moet dit glo. Maar ons moenie dit glo nie, ons moenie soos kinders wees nie, of soos iets wat op die see ronddryf of wat in die wind heen en weer waai nie.

[15]Ons moet altyd die waarheid praat en altyd lief wees vir mekaar. So word ons meer en meer soos Christus, Hy is ons Hoof.

[16]Die kerk is soos ’n liggaam wat baie dele het, die dele is almal vas aan mekaar. Elke deel van die liggaam werk saam en help die liggaam om te groei en sterker te word.

© Bible Society of South Africa.

So laat Christus die kerk groei en sterker word. Dit gebeur wanneer ons lief is vir mekaar en vir mekaar help.

Gelowiges moet lewe soos nuwe mense

17 Ek sê nou vir julle iets wat baie belangrik is vir die Here: Julle het voorheen gelewe soos die heidene lewe. Hulle dink en doen dinge wat niks beteken nie. Julle moenie soos hulle lewe nie.

18 Die heidene lewe soos mense wat niks kan verstaan nie, hulle is ver van God en hulle het nie die ware lewe nie omdat hulle niks van God wil weet nie. Hulle harte is so hard soos klip.

19 Hulle voel nie skaam wanneer hulle verkeerde dinge doen nie. Hulle doen meer en meer slegte dinge, omdat hulle altyd meer en meer wil hê.

20 Maar julle het vir Christus leer ken en toe het julle geleer dat al daardie dinge verkeerd is.

21 Ja, julle het gehoor van Hom, julle het geleer van Hom, julle weet Jesus is self die waarheid.

22 Julle het geleer dat julle moet ophou om te lewe soos julle voorheen gelewe het. Toe was julle sleg en julle het die slegte dinge gedoen wat julle graag wou doen.

23 Maar julle het geleer dat julle anders moet dink en nuwe mense moet word.

24 Ja, God het julle verander en Hy het julle nuwe mense gemaak. Nou moet julle lewe soos nuwe mense. Julle moet waarlik lewe soos God wil hê en julle moet doen wat Hy wil hê.

Hoe gelowiges moet lewe

25 Daarom moet julle ophou om vir mekaar te lieg. Julle moet die waarheid praat met mekaar, want ons behoort almal aan mekaar.

26 Wanneer julle kwaad word, dan moet julle nie sonde doen nie. Wanneer julle kwaad is vir mekaar, dan moet julle ophou om kwaad te wees voordat dit donker word.

27 Julle moenie doen wat die duiwel vir julle sê nie.

28 Die mense wat steel, moet ophou steel. Hulle moet self hard werk sodat hulle geld kan kry en ook vir die mense kan help wat baie min het.

29 Julle moenie slegte dinge van mense sê nie, julle moet net dinge sê wat hulle geloof sterker sal maak en wat hulle sal help om te weet dat God goed is.

30 Julle moenie die Heilige Gees van God hartseer maak nie. Die Heilige Gees wys dat julle aan God behoort en dat God julle eendag heeltemal vry sal maak.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

31Julle moenie ander mense haat en net die slegte dinge onthou wat hulle gedoen het nie. Julle moenie kwaad word of mense straf of vir hulle skree of lelike dinge van hulle sê nie. Julle moet niks doen wat sleg is nie.

32Julle moet vriendelik wees met mekaar. Julle moet jammer wees vir mekaar en julle moet vir mekaar help. Christus het gesterf en God het julle vergewe. Daarom moet julle mekaar ook so vergewe.

Efesiërs 5

1Ja, julle moet doen soos God doen, want julle is sy kinders, Hy is lief vir julle.

2Julle moet altyd lief wees vir ander mense, soos Christus lief was vir ons. Hy het gesterf sodat ons kan lewe. Hy was ’n offer vir God, ’n offer waarvan God gehou het.

Gelowiges moet lewe soos mense wat in die lig lewe

3Julle moenie onsedelik lewe en ander slegte dinge doen nie. Julle moenie altyd meer en meer goed vir julleself wil hê nie. Julle behoort aan God, en almal moet weet dat julle nooit hierdie dinge doen nie.

4Julle moenie lelike en dom dinge sê en slegte dinge oor ander mense sê nie. Mense wat aan Christus behoort, doen nie dit nie. Wanneer julle praat, dan moet dit net wees om vir God dankie te sê.

5Julle moet dit weet: Mense wat onsedelik lewe of wat so lewe dat hulle onrein is, sal nie die ware lewe kry daar waar Christus en God Koning is nie, ook nie die mense wat altyd meer goed wil hê nie, want dan is hulle goed hulle afgode.

6Daar is mense wat vir julle dinge wil leer wat nie waar is nie, hulle wil hê julle moet verkeerd doen. Julle moenie doen wat hulle sê nie, want mense wat hierdie slegte dinge doen, is nie gehoorsaam aan God nie en daarom sal God hulle straf.

7Daarom moet julle nie saam met hulle slegte dinge doen nie.

8Voorheen was julle soos mense wat in die donker lewe, maar nou behoort julle aan die Here en nou is julle in die lig. Daarom moet julle lewe soos mense wat in die lig lewe.

9Julle moet die dinge doen wat mense doen wat in die lig lewe, julle moet goeie dinge doen, dinge wat reg is, julle moet eerlik wees.

10Julle moet uitvind waarvan die Here hou en julle moet dit doen.

11Julle moenie die dinge doen wat die mense doen wat in die donker lewe nie. Hulle doen dinge wat nie goed is nie. Julle moet vir hulle almal sê dat hulle dinge doen wat verkeerd is.

12Hulle doen baie slegte dinge in die geheim, dit is so sleg dat ’n mens nie daaroor wil praat nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Wanneer die lig op daardie dinge skyn, dan wys dit vir almal hoe daardie dinge is.

14Ja, ’n mens kan sien hoe iets is wanneer die lig daarop skyn. Daarom sing ons: Jy wat slaap, jy moet wakker word, jy moet weer begin lewe. Dan sal Christus ’n lig wees vir jou.

Gelowiges moet reg lewe

15Daarom moet julle seker wees dat julle reg lewe. Julle moet die regte dinge doen en sê. Julle moenie verkeerde dinge doen en sê nie.

16Julle moet elke minuut reg gebruik, elke minuut wat julle lewe, want dit is nou die tyd wanneer mense slegte dinge doen.

17Julle moenie dom dinge doen nie, julle moet seker wees dat julle verstaan wat die Here wil hê julle moet doen.

18Julle moenie wyn drink en dronk word nie, want dan doen julle verkeerde en slegte dinge. Nee, julle moet altyd doen wat die Heilige Gees wil hê julle moet doen.

19Julle moet sing wanneer julle bymekaar is, julle moet psalms en gesange en ander liedere sing. Julle moet sing en julle moet die Here prys met julle hele hart.

20Julle behoort aan ons Here Jesus Christus en julle moet altyd vir God ons Vader dankie sê vir alles.

Hoe mans en vroue moet lewe

21Julle respekteer vir Christus, daarom moet julle mekaar dien.

22Vroue, julle dien die Here, daarom moet julle ook julle mans dien,

23want die man is die hoof van sy vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Die kerk is Christus se liggaam en Hy het die kerk gered.

24Maar die kerk dien vir Christus, en so moet die vroue ook altyd hulle mans dien.

25Mans, julle moet lief wees vir julle vroue, soos Christus lief is vir die kerk. Christus het gesterf sodat die kerk kan lewe.

26Hy het gesterf sodat die kerk, die gelowiges, aan God kan behoort. Nou is hulle rein, want hulle is gedoop en Christus het gesê hulle behoort aan Hom.

27Christus het gesterf sodat die kerk sy bruid kan wees, ’n bruid wat baie mooi is. Christus wou hê die gelowiges moet niks sonde doen nie en hulle moet heeltemal reg lewe.

28Die mans moet so lief wees vir hulle vroue, so lief soos Christus vir die kerk is. Ja, die mans moet lief wees vir hulle vroue, so lief soos hulle vir hulleself is. As mans lief is vir hulle vroue, dan is hulle ook lief vir hulleself.

29Mense is altyd lief vir hulleself en hulle sorg goed vir hulle eie liggame. Christus sorg ook so vir sy liggaam, die kerk,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

30en ons behoort almal aan die kerk, sy liggaam.

31In die Ou Testament is geskryf: Daarom sal ’n man weggaan van sy pa en sy ma en hy sal saam met sy vrou lewe. Hulle twee sal soos een mens wees.

32Dit is baie moeilik om te verstaan hoe ’n man en ’n vrou een kan wees. Ek sê dit is net so moeilik om te verstaan hoe Christus en die kerk een is.

33Ek sê weer, elke man moet lief wees vir sy vrou, so lief soos hy vir homself is. En elke vrou moet haar man respekteer.

Efesiërs 6

Hoe kinders en ouers moet lewe

1Kinders, julle behoort aan die Here. Daarom moet julle gehoorsaam wees aan julle ouers. Dit is die regte ding om te doen.

2In die Ou Testament is geskryf: Jy moet jou ouers respekteer. Dit is die eerste wet waarin die Here ook iets vir ons belowe.

3Die Here belowe: As jy jou ouers respekteer, dan sal dit goed gaan met jou en jy sal lank lewe op die aarde.

4Pa’s, julle moenie julle kinders kwaad maak nie. Julle moet hulle reg grootmaak, julle moet vir hulle leer wat hulle moet doen en wat hulle nie moet doen nie, soos die Here wil hê.

Hoe slawe en eienaars moet lewe

5 Slawe, julle moet gehoorsaam wees aan julle eienaars hier op die aarde. Julle moet waarlik altyd gehoorsaam wees aan hulle, soos julle gehoorsaam is aan Christus.

6Julle moenie net werk wanneer julle eienaars vir julle kyk nie, julle moenie werk sodat mense van julle kan hou nie. Nee, julle moet werk soos slawe van Christus omdat dit vir julle lekker is om te doen wat God wil hê.

7Julle moet julle werk graag doen. Dit moet vir julle wees soos wanneer julle vir die Here self werk, nie soos wanneer julle vir mense werk nie.

8Julle moet weet dat die Here goeie dinge sal teruggee vir almal wat goeie dinge doen, dit maak nie saak of hulle slawe of eienaars is nie.

9En eienaars, julle moet goed wees vir julle slawe. Julle moenie aanhou sê julle sal hulle straf nie. Julle moet weet dat julle en die slawe dieselfde Eienaar in die hemel het, en Hy dink nie een mens is belangriker as ’n ander mens nie.

Gelowiges is God se soldate

10Ek wil vir julle nog één ding sê: Julle behoort aan die Here. Hy is baie sterk, Hy sal vir julle sy krag gee, en julle moet sterk wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Julle moet alles gebruik wat God vir julle gee om aan te hou oorlog maak teen die duiwel. Hy maak baie skelm planne teen julle.

12Ons veg nie teen mense nie, ons veg teen bose geeste en hulle leiers. Die mense van die wêreld luister na geeste, maar ons veg teen slegte geeste in die lug.

13Daarom moet julle soos soldate al die klere en wapens gebruik wat God vir julle gee. As julle dit doen, dan sal julle kan veg wanneer die slegte dag kom en die oorlog begin, en wanneer die oorlog verby is, dan sal julle nog staan.

14Julle moet vas staan. Julle moet die waarheid praat. Dit is soos die belt om ’n soldaat se heupe. Julle moet altyd doen wat reg is. Dit is soos die harnas van ’n soldaat.

15Julle moet die goeie boodskap ken en glo, die boodskap dat God vir ons vrede gee. Dit is soos ’n soldaat se skoene.

16Julle moet aanhou om in Christus te glo. Dit is soos wanneer ’n soldaat ’n skild neem om hom te beskerm, dit keer die brandpyle waarmee die duiwel julle wil skiet.

17God het julle gered en julle moet dit aanvaar. Dit is soos die helm op ’n soldaat se kop. God praat met julle. Ja, die Heilige Gees sê vir julle wat God sê. Dit is soos die swaard waarmee ’n soldaat veg.

18Julle moet altyd luister na die Heilige Gees en dan moet julle bid, julle moet vir God vra wat julle nodig het. Ja, julle moet altyd gereed wees en aanhou bid vir al God se mense.

19Julle moet ook vir my bid. Bid dat God die regte woorde vir my sal gee wanneer ek praat. Dan sal ek die goeie boodskap preek, ek sal nie bang wees om dit te doen nie. Niemand het voorheen hierdie boodskap geken nie, maar God het nou vir ons gesê wat dit is.

20Ek is in die tronk omdat God my gekies het om die goeie boodskap te bring. Julle moet bid dat ek nie bang sal wees nie, maar dat ek die boodskap sal bring soos ek dit moet doen.

Die einde van die brief

21Tigikus is my liewe vriend en hy werk hard vir die Here. Hy sal ook vir julle alles van my vertel sodat julle kan weet hoe dit met my gaan.

22Ek stuur hom na julle toe sodat hy vir julle kan vertel hoe dit met my gaan en sodat hy vir julle kan help om nie moedeloos te word nie.

23God die Vader en die Here Jesus Christus sal vir julle almal vrede gee. Hulle sal vir julle help om lief te wees vir mekaar en om te glo.

24Ek bid dat God genadig sal wees vir almal wat altyd baie lief is vir ons Here Jesus Christus en wat nooit ophou om lief te wees vir Hom nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Filippense

Filippense 1

1 Ek, Paulus, ’n dienaar van Christus Jesus, skryf hierdie brief vir julle almal wat God
se mense is in Filippi, almal wat aan Christus Jesus behoort. Ek skryf ook vir
julle, ouderlinge en diakens. Timoteus, ook ’n dienaar van Christus Jesus, skryf die
brief saam met my.

2 Ek bid dat God ons Vader en die Here genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle
vrede sal gee.

Paulus dink aan die gelowiges in Filippi en hy bid vir hulle

3 Elke maal wanneer ek aan julle dink, dan sê ek vir my God dankie.

4 Elke maal wanneer ek vir julle almal bid, dan word ek bly,

5 want vandat julle die goeie boodskap die eerste maal gehoor het, tot nou toe, help
julle my om daardie boodskap na ander mense toe te bring.

6 God het begin om ’n goeie ding in julle harte te doen. Ek is baie seker dat Hy dit sal
klaarmaak op die dag wanneer Christus Jesus weer kom.

7 Dit is heeltemal reg dat ek so oor julle dink, want julle is lief vir my. Julle almal dink
altyd aan my en julle weet hoe goed God vir my is terwyl ek nou ’n gevangene is en
hier kan vertel dat die goeie boodskap reg en waar is.

8 God weet hoe baie ek na julle verlang. Hy weet ek is so lief vir julle soos Christus
Jesus lief is vir julle.

9 Ek bid dat julle liefde meer en meer sal word sodat julle alles beter sal verstaan en
sal weet

10 watter dinge is die regte dinge om te doen. Dan sal julle harte heeltemal skoon
wees wanneer Christus weer kom, en niemand sal kan sê dat julle vir hom probleme
gegee het nie.

11 Ja, Jesus Christus sal julle help om baie goeie dinge te doen, en so sal julle vir almal
wys dat julle God prys en dien.

Paulus is ’n gevangene

12 Vriende, ek wil hê julle moet weet dat al die dinge wat met my gebeur het, gehelp
het dat meer mense die goeie boodskap hoor.

13 Want al die mense van die keiser wat my hier oppas en ook die ander mense weet
nou dat ek ’n gevangene is omdat ek aan Christus behoort.

14 Die meeste mense hier wat in die Here glo, glo nou nog meer vas dat die Here sal
doen wat Hy gesê het, omdat hulle gehoor het dat ek ’n gevangene is. Hulle word

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

nou meer en meer dapper, hulle is nie bang om die boodskap van die Here vir ander mense te bring nie.

15Party van die mense hier preek oor Christus omdat hulle jaloers is en daarvan hou om te stry. Maar ander mense preek oor Christus omdat hulle goed wil doen.

16Hulle preek omdat hulle lief is vir Christus en hulle weet ek is ’n gevangene omdat ek vertel dat die goeie boodskap oor Christus reg is.

17Maar die ander mense preek omdat hulle selfsugtig is. Ja, hulle is vals. Hulle wil hê dat ek nou nog swaarder moet kry terwyl ek ’n gevangene is.

18Party mense is vals wanneer hulle preek, en party mense wil goed doen wanneer hulle preek. Maar dit maak nie vir my saak hoekom hulle preek nie. Hulle preek almal oor Christus, en daaroor is ek bly. En ek sal aanhou om bly te wees,

19want julle bid vir my, en die Gees van Jesus Christus help my. Daarom weet ek dat God alles wat gebeur, sal gebruik om my te red.

20Ek hoop en ek weet seker dat God my sal help en dat Hy my nie sal los nie. Ja, ek wil altyd, soos voorheen, graag wys dat Christus die belangrikste is. Daarom maak dit nie saak of ek sal lewe en of ek sal sterf nie.

21As ek lewe, dan lewe ek vir Christus, en as ek sterf, dan is dit vir my nog beter.

22Ek weet nie wat ek moet kies nie. As ek aanhou lewe, dan kan ek goeie werk doen,

23maar ek wil graag sterf om by Christus te wees, want dit is die beste. En dit is vir my regtig baie moeilik om te kies of ek moet aanhou lewe en of ek moet sterf.

24Maar vir julle is dit belangriker dat ek sal aanhou lewe.

25Ja, ek is seker daarvan. Daarom weet ek dat ek sal aanhou lewe en nog saam met julle almal sal wees, sodat julle geloof kan groei en sodat dit julle bly kan maak.

26Wanneer ek weer by julle is, dan sal julle nie ophou om Christus Jesus te prys oor my nie.

Hoe moet Christene lewe?

27Die belangrikste van alles is dat julle só moet lewe dat julle lewens pas by die goeie boodskap oor Christus. Julle moet saamwerk en dieselfde dinge dink en glo. Julle moet almal saam hard werk sodat ander mense die goeie boodskap kan glo. Julle moet dit doen wanneer ek na julle toe kom en vir julle sien, maar ook wanneer ek nie kom nie en by ander mense hoor wat julle doen.

28Julle moet glad nie bang wees vir julle vyande nie. As julle nie vir hulle bang is nie, dan sal dit vir hulle wys dat God hulle sal straf, maar dat Hy julle sal red.

29God is goed vir julle, Hy laat julle glo in Christus, en meer nog, Hy laat julle ook swaarkry. Julle kry swaar omdat julle aan Christus behoort.

© Bible Society of South Africa.

30Julle het gesien en julle hoor nou nog hoe swaar ek kry. Nou kry julle saam met my swaar.

Filippense 2

1Julle behoort aan Christus en Hy maak julle geloof sterk. Julle is lief vir mekaar en julle help mekaar. Julle almal het die Heilige Gees in julle harte en daarom behoort julle aan mekaar. Julle is bekommerd oor mekaar en julle sorg vir mekaar.

2Daaroor is ek bly, maar julle moet my nog blyer maak: Julle moet dieselfde dinge dink, julle moet dieselfde liefde in julle harte hê, julle moet in julle harte dieselfde voel en dieselfde dinge wil doen.

3Wanneer julle iets doen, dan moet julle dit nie doen omdat julle selfsugtig is of omdat julle dink julle is baie belangrik nie. Julle moenie hoogmoedig wees nie, julle moet dink ander gelowiges is belangriker as julleself.

4Julle moenie net aan julleself dink nie, julle moet ook aan die ander gelowiges dink.

Christus het vir ons gewys wat ons moet doen

5Julle moet dink en doen soos Christus Jesus gedink en gedoen het:

6Hy was dieselfde soos God, maar Hy het nie gedink dat Hy altyd moet aanhou om so belangrik soos God te wees nie.

7Hy het Homself verneder en Hy het geword soos ’n slaaf, Hy het ’n mens geword soos ons. Toe Hy ’n mens geword het,

8het Hy Homself nog meer verneder, Hy was gehoorsaam en Hy het gesterf. Ja, Hy het aan die kruis gesterf.

9Daarom het God Hom belangrik gemaak, baie belangrik. En God het vir Hom ’n Naam gegee, die belangrikste van al die Name, die Naam “Here.”

10Daarom sal almal vir Jesus aanbid, almal in die hemel en op die aarde en onder die aarde.

11Ja, al die mense sal sê hulle glo dat Jesus Christus die Here is, en so sal hulle vir God die Vader prys.

Kinders van God moet gehoorsaam wees

12Daarom, liewe vriende, moet julle doen wat ek vir julle vra. Julle het altyd gedoen wat ek vir julle gevra het toe ek by julle was. Maar nou is ek nie meer by julle nie. Daarom moet julle nou nog méér gehoorsaam wees. Julle moenie hoogmoedig wees voor God nie, julle moet Hom respekteer en dien. God wil julle red, en daarvoor moet julle aanhou werk,

13want dit is God wat in julle harte werk en wat julle lus maak om die dinge te doen wat Hy graag wil hê. Ja, Hy laat julle doen wat Hy wil hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Julle moet dit alles doen, julle moenie daaroor kla en terugpraat nie.

15Dan sal julle heeltemal reg lewe, julle sal niks verkeerd doen nie. Julle lewe nou tussen mense wat baie sleg is en wat sonde doen, maar julle moet God se kinders wees, julle moet reg lewe. Julle moet soos ligte wees wat in ’n donker wêreld skyn

16en julle moet vas glo in die boodskap wat die ware lewe gee vir mense. Dan sal ek trots kan wees op julle op die dag wanneer Christus kom, want ek sal weet dat my harde werk met julle geslaag het.

17Julle geloof is ’n offer wat julle gee om God te dien. As ek moet sterf, dan sal my bloed wees soos ’n drank-offer wat iemand by julle offer uitgooi, maar ek sal bly wees daaroor. Ja, ek sal bly wees saam met julle.

18Julle moet ook bly wees, julle moet bly wees saam met my!

Paulus wil vir Timoteus na die stad Filippi stuur

19Ek wil vir Timoteus gou na julle toe stuur, en ek hoop die Here Jesus sal dink dit is reg. Ek wil hoor hoe dit met julle gaan sodat ek ook beter kan voel.

20Ek het niemand anders wat soos Timoteus is nie. Hy sal julle graag help.

21Al die ander mense dink net aan hulle eie dinge, hulle dink nie aan die dinge van Jesus Christus nie.

22Maar julle weet Timoteus is ’n goeie mens. Julle weet dat hy saam met my gewerk het om die goeie boodskap te bring, hy het saam met my gewerk soos ’n seun saam met sy pa werk.

23Ek wil vir Timoteus na julle toe stuur wanneer ek weet wat hier met my sal gebeur.

24Ek weet die Here sal sorg dat ek ook gou na julle toe sal kom.

Paulus stuur vir Epafroditos terug

25Epafroditos is my vriend en hy het regtig baie hard saam met my gewerk. Julle het hom na my toe gestuur om my met alles te help. Ek dink dit is nou belangrik dat ek vir Epafroditos terugstuur na julle toe,

26want hy verlang na julle almal en hy is bekommerd, hy weet julle het gehoor dat hy siek was.

27Epafroditos was regtig baie siek en hy het amper gesterf. Maar God was goed vir hom en hy het weer gesond geword. Ja, God was goed vir Epafroditos en ook vir my, want as hy gesterf het, dan sou ek nog baie swaarder gekry het.

28Ek stuur hom baie gou terug sodat julle hom self kan sien en weer bly kan wees. Dan sal ek minder bekommerd wees.

© Bible Society of South Africa.

29Wanneer Epafroditos terug is by julle, dan moet julle bly wees en sê hy is welkom by julle omdat hy en julle aan die Here behoort. Ja, julle moet mense soos Epafroditos respekteer.

30Hy het amper gesterf omdat hy vir Christus gewerk het. Epafroditos het geweet dit is gevaarlik, maar hy het my kom help, hy het gedoen wat julle nie kon doen nie.

Filippense 3

Pasop vir die mense wat verkeerde dinge leer!

1Daar is nog iets wat ek vir julle wil sê. My vriende, julle moet bly wees, want julle behoort aan die Here! Dit maak my nie moeg om dieselfde dinge weer en weer vir julle te skryf nie, want dit is goed vir julle.

2Julle moet oppas vir daardie slegte mense wat vir julle verkeerde dinge leer! Julle moet oppas vir daardie mense wat slegte dinge doen! Julle moet oppas vir daardie mense wat altyd almal wil besny!

3Ons het die regte besnydenis, want die Gees van God help ons om vir God te dien. Ons is trots op Christus Jesus, en ons het self dinge reggekry, maar ons weet daardie dinge sal ons nie red nie.

4Ek kan praat oor baie dinge in my lewe. Ander mense dink hierdie dinge kan ’n mens red. Hulle dink hulle kan praat oor baie dinge in hulle lewens, maar ek kan oor baie meer praat:

5My ouers het my laat besny toe ek ag dae oud was. Ek behoort aan die volk Israel, ek behoort aan die Benjamin-stam, ek is ’n ware Jood, en ek was ’n Fariseër wat alles gedoen het wat die wette sê.

6Die Joodse godsdiens was vir my so belangrik dat ek die kerk van God wou verwoes. Ek het gedink God sal my vryspreek van my sonde, want ek het alles gedoen wat die wette sê.

7Ja, ek het gedink al hierdie dinge is baie belangrik, maar ek het in Christus begin glo, en toe het ek besef dit alles beteken niks!

8Ek weet nou die belangrikste ding in die lewe is om Christus Jesus, my Here, te ken! Al die ander dinge beteken niks. Christus is vir my so belangrik dat ek al die ander dinge gelos het, ek dink dit is alles gemors. Ek het iets gekry wat baie beter is as daardie dinge, ek het vir Christus gekry!

9Ek behoort nou aan Christus. God het my vrygespreek omdat ek in Christus glo, nie omdat ek doen wat die wette sê nie, maar omdat ek glo.

10Nou ken ek Hom en ek voel sy krag in my lewe, die krag wat Hom weer laat lewe het. Ek kry ook swaar, soos Hy swaargekry het. Ja, ek sterf soos Hy gesterf het,

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11 en ek glo dat God my ook weer kan laat lewe nadat ek gesterf het.

Hoe Christene moet lewe

12 Ek sê nie dat ek hierdie nuwe lewe al klaar het nie of dat ek al klaar is wat ek moet wees nie. Maar ek sal aanhou probeer om dit te kry, want Christus Jesus het gesê ek behoort aan Hom.

13 Vriende, ek dink nie dat ek dit al klaar alles gekry het nie, maar een ding is vir my belangrik: Ek vergeet al die dinge wat verby is, en ek dink net aan die dinge wat nog sal gebeur.

14 Ek is soos iemand wat resies hardloop om ’n prys te wen. Die prys is om in die hemel te kom, want God het my gekies en ek behoort aan Christus Jesus.

15 Ons almal wat vas glo, moet so dink. As een van julle nie so dink nie, dan sal God vir julle help om reg te dink.

16 Ons het tot nou toe die regte dinge gedoen. Ons moet aanhou om dit te doen.

17 Vriende, julle moet lewe soos ek lewe en julle moet kyk hoe lewe die mense wat lewe soos ek.

18 Ek het vir julle gesê en ek sê nou weer vir julle met trane in my oë: Daar is baie mense wat sê die kruis van Christus beteken niks.

19 Daardie mense gaan hel toe. Hulle dink om te eet is die belangrikste ding in die lewe. Hulle is trots op die slegte dinge wat hulle doen. Hulle dink altyd aan die dinge van die wêreld.

20 Maar God wat in die hemel is, is ons Koning. En ons weet die Here Jesus Christus sal uit die hemel kom om ons te red.

21 Sy krag is groot, Hy regeer oor alles. Hy sal sy krag gebruik om ons wat swak is, te verander sodat ons soos Hy sal wees, Hy wat Koning is.

Filippense 4

1 My vriende, ek is baie lief vir julle en ek verlang na julle. Julle maak my bly en ek is baie trots op julle. Ek wil hê julle moet aanhou glo in die Here.

Christene moet reg lewe

2 Euodia en Sintige, ek vra vir julle om saam te werk, want julle altwee behoort aan die Here.

3 En jy wat altyd saam met my werk, ek vra ook vir jou om hierdie twee vroue te help. Hulle het altwee hard saam met my gewerk om vir ander mense die goeie boodskap te bring, soos Klemens en my ander helpers ook gedoen het. Hulle name is almal geskryf in die boek van die lewe.

© Bible Society of South Africa.

4Julle behoort aan die Here. Daarom moet julle altyd bly wees! Ek sê dit weer, julle moet bly wees!

5Julle moet vriendelik en geduldig wees met al die mense, want die Here sal gou weer kom!

6Julle moenie bekommerd wees nie. Julle moet ernstig bid tot God, julle moet vir Hom sê wat julle nodig het en julle moet vir Hom dankie sê daarvoor.

7Julle behoort aan Christus Jesus. Daarom sal God vir julle vrede gee, vrede wat baie beter is as enige iets waaraan mense kan dink, vrede wat die dinge beskerm wat julle dink.

8Vriende, ek wil vir julle nog iets sê. Julle moet altyd dink aan die dinge wat waar is, wat mooi is, wat reg is, wat rein is, wat pragtig en goed is. Ja, julle moet dink aan alles wat mooi is, alles waarop ’n mens trots kan wees.

9Julle het geleer en gehoor en gesien hoe ek lewe. Julle moet dieselfde doen, dan sal God wat vrede gee, by julle wees.

Paulus sê dankie

10Die Here het my baie bly laat word toe julle nou weer begin wys het dat julle aan my dink. Ek weet julle het voorheen ook aan my gedink, maar julle kon dit nie wys nie.

11Ek sê dit nie omdat ek te min het nie. Ek het geleer om tevrede te wees met dit wat ek het.

12In my lewe het baie dinge met my gebeur. Partymaal het ek te min gehad en partymaal het ek baie gehad, en so het ek geleer om tevrede te wees. Partymaal het ek genoeg gehad om te eet en partymaal was ek honger. Ja, partymaal het ek baie gehad en partymaal het ek te min gehad.

13Christus gee vir my die krag om enige iets te doen,

14maar julle het die regte ding gedoen toe julle my gehelp het toe ek swaargekry het.

15Gemeente van Filippi, nadat ek weggegaan het uit die provinsie Masedonië en begin het om die goeie boodskap te bring, het ander gemeentes nie vir my gesorg nie. Julle weet dat net julle vir my gesorg het.

16Julle het ook ’n paar maal vir my die dinge gestuur wat ek nodig gehad het toe ek in die stad Tessalonika was.

17Maar dit is nie vir my belangrik dat ek iets van julle ontvang nie. Dit is vir my belangrik dat julle die seën moet ontvang wat mense kry wanneer hulle vir ander mense iets gee.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18 Ek het alles gekry wat julle gestuur het en ek het nou genoeg. Epafroditos het vir
my die goed gebring wat julle gestuur het, en nou het ek genoeg. Dit wat julle
gestuur het, is ’n offer wat julle vir God gegee het, ’n offer wat Hy graag wil hê, ’n
offer waarvan Hy baie hou.

19 My God sal vir julle alles gee wat julle nodig het, want Hy het baie wonderlike
dinge wat Hy vir ons wil gee, dinge wat van Christus Jesus kom.

20 Ons prys God, ons Vader, altyd en altyd! Amen.

Die einde van die brief

21 Ek stuur groete vir al die gelowiges in die stad Filippi wat aan Christus Jesus
behoort. Al die vriende hier by my stuur ook groete vir julle.

22 Al die gelowiges hier stuur ook groete vir julle. Die mense wat vir die keiser werk,
stuur spesiale groete.

23 Ek bid dat die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle almal.

© Bible Society of South Africa.

Kolossense

Kolossense 1

1 Ek, Paulus, is ’n apostel van Christus Jesus omdat God dit wil hê. Ek en Timoteus, ons vriend,

2 skryf hierdie brief vir julle daar in die stad Kolosse. Vriende, julle behoort aan God, julle glo in Christus en julle behoort ook aan Hom. Ons bid dat God ons Vader genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle vrede sal gee.

Paulus sê dankie vir God

3 Ons bid baie vir julle, en dan sê ons elke maal dankie vir God, die Vader van ons Here Jesus Christus,

4 want ons het gehoor dat julle in Christus Jesus glo en dat julle lief is vir al die ander mense wat aan God behoort.

5 Julle glo en julle weet wat God vir julle in die hemel gebêre het. Julle het daarvan gehoor toe julle die goeie boodskap gehoor het, die boodskap wat waar is.

6 Meer en meer mense hoor die goeie boodskap en hulle doen dan wat God wil hê. Julle ook, julle het die goeie boodskap gehoor en julle het besef dat God baie goed is.

7 Epafras het vir julle vertel dat God baie goed is. Epafras werk saam met my, en ek is lief vir hom en ek weet hy doen altyd sy werk baie goed. Hy werk vir Christus daar by julle.

8 Hy het ook vir ons vertel dat die Heilige Gees julle help om lief te wees vir mekaar.

Paulus bid vir die gelowiges in Kolosse

9 Vandat ons gehoor het wat Epafras vir ons gesê het, bid ons elke dag vir julle. Ons bid en vra dat julle sal weet wat God wil hê julle moet doen. Ons bid dat die Heilige Gees vir julle sal help om te verstaan wat God wil hê julle moet doen.

10 Dan sal julle so lewe dat die Here altyd tevrede sal wees met julle. Julle sal dinge doen waarvan Hy hou, baie goeie dinge, en julle sal vir God beter en beter leer ken.

11 Hy, die Koning, is baie sterk en Hy sal julle geloof sterk maak. Dan sal julle kan aanhou om geduldig te wees wanneer julle swaarkry. En julle sal bly wees

12 en vir God die Vader dankie sê, want Hy het julle verander. Hy het vir almal wat aan Hom behoort, belowe dat hulle in die hemel by Hom sal wees. Julle sal ook in die hemel by Hom wees.

13 God die Vader het ons gered van die duiwel en nou weet ons dat sy Seun ons Koning is, sy Seun vir wie Hy baie lief is.

14 Ja, God het sy Seun gestuur en die Seun het ons vrygemaak. So het God ons sondes vergewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Jesus is die Here

15Niemand kan vir God sien nie, maar God se Seun het vir ons kom wys hoe God is.
Die Seun is die Eerste, die belangrikste van alles in die hemel en op die aarde,

16want Hy het alles gemaak, God het gesê Hy moet dit doen. Die Seun het alles in die
hemel en alles op die aarde gemaak, alles wat ’n mens kan sien en alles wat ’n mens
nie kan sien nie, almal en alles wat oor die wêreld wil regeer, in die hemel en op die
aarde. Die Seun het hulle almal gemaak, en hulle is daar om Hom te respekteer en te
dien.

17Die Seun was daar voordat daar iets anders was en Hy laat alles lewe.

18Die kerk is die Seun se liggaam, Hy is die Hoof van die kerk, en Hy laat die kerk
lewe. Hy is die Eerste, die Een wat dood was en wat weer lewe, en daarom is Hy nou
die belangrikste van almal en alles.

19Hy, die Seun, is God en Hy kan doen soos God doen, omdat God besluit het om in
die Seun te woon.

20Die Seun het aan die kruis gesterf, en so het God vrede gebring. So het God almal
se sonde weggeneem, almal op die aarde en almal in die hemel. God het dit gedoen
sodat alles reg kan wees tussen God en hulle.

God het die gelowiges in Kolosse verander

21Voorheen was julle ver van God, julle was God se vyande en julle het slegte dinge
gedink en gedoen.

22Maar nou het God julle verander. Die Seun het ’n mens geword en Hy het gesterf,
en daarom het God julle sonde weggeneem sodat alles reg kan wees tussen God en
julle. God het dit gedoen sodat julle aan Hom kan behoort en sodat julle sonder
sonde sal wees en onskuldig sal wees wanneer Hy julle oordeel.

23Maar dan moet julle aanhou glo, julle geloof moet baie sterk wees. Toe julle die
goeie boodskap gehoor het, het God vir julle gehelp om seker te wees van die dinge
wat julle glo, en nou moet julle aanhou om seker te wees. Al die mense in die wêreld
het die goeie boodskap gehoor, die goeie boodskap wat ek moet bring.

Paulus se werk

24Ek is bly dat ek nou swaarkry, want dit is vir júlle dat ek swaarkry. Christus het
swaargekry, en nou kry ek swaar. Ek maak Christus se swaarkry klaar. Ek kry swaar vir
die kerk, die kerk wat Christus se liggaam is.

25Dit was God se plan dat ek vir die kerk moet werk. Hy het vir my die werk gegee
om vir julle alles te sê wat Hy vir julle wil sê.

26Mense het voorheen nooit geweet van die boodskap oor Christus nie. Maar nou
het God dit vertel vir almal wat aan Hom behoort.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

27God wou hê almal wat aan Hom behoort, moet sy boodskap ken. God wou hê hulle moet weet van die groot wonderwerk dat die boodskap oor Christus by die heidene moes kom, ’n boodskap wat niemand voorheen geken het nie. Julle wat heidene is, moet nou weet dat Christus ook in julle is, en daarom kan julle seker wees dat julle ook by God, die Koning, sal wees.

28Ons preek oor Christus en ons gebruik al ons wysheid om al die mense te waarsku en vir hulle te leer. Ons wil hê hulle moet almal aan Christus behoort en hulle moet alles doen wat God wil hê.

29Daarvoor werk ek baie hard, want God gee vir my die krag om dit te doen.

Kolossense 2

1Ek wil hê julle moet weet dat ek baie hard werk vir julle en vir die gelowiges in die stad Laodisea en vir al die mense wat my nog nie ontmoet het nie.

2Ek wil vir almal sê hulle moet aanhou om lief te wees vir mekaar en om baie seker te wees dat hulle alles weet van God se boodskap oor Christus. God wil hê julle moet vir Christus ken. God se boodskap oor Christus is ’n boodskap wat niemand voorheen geken het nie.

3Christus het al die kennis en wysheid, maar tot nou toe het die mense dit nie geweet nie.

4Ek sê dit alles vir julle, want ek wil nie hê mense moet julle bedrieg nie. Hulle vertel vir julle dinge wat reg lyk, maar wat verkeerd is.

5Ek is ver van julle, maar dit voel vir my of ek daar by julle is. Ek is bly om te weet dat julle lewe soos God wil hê en dat julle regtig vas glo in Christus.

Gelowiges behoort aan Christus en hulle moet reg lewe

6Julle het gehoor dat Christus Jesus die Here is, en julle glo in Hom. Nou moet julle lewe soos mense wat aan Hom behoort.

7Christus maak julle geloof sterk, soos ’n wortel ’n boom sterk maak en soos ’n fondament ’n huis sterk maak. En julle moet aanhou om die dinge te glo wat julle geleer het, en julle moet altyd vir God dankie sê vir alles.

8Julle moenie luister na die mense wat dink hulle sê slim dinge en wat vir julle dinge laat glo wat nie waar is nie. Hulle het daardie dinge by ander mense geleer, nie by Christus nie. Die dinge wat hulle sê, kom van die geeste wat dink dat hulle sterk is en oor die wêreld kan regeer.

9Daardie mense praat nie die waarheid nie, want Christus, die Seun wat ’n mens geword het, is ook God en Hy is so sterk soos God.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10Julle behoort aan Christus. Christus het julle gered, en julle is heeltemal soos Hy wil hê julle moet wees. Christus is sterker as almal en alles wat oor die wêreld wil regeer.

11Julle behoort aan Christus. Soos wanneer mense iemand besny, so het Hy julle lus om sonde te doen, heeltemal weggevat. Dit is wat die besnydenis van Christus is.

12Hy het julle besny toe julle gedoop is. Julle is gedoop, en dit beteken dat julle saam met Christus begrawe is. Dit beteken ook dat God julle saam met Christus weer laat lewe het. Dit is so, want julle glo in God, God wat sterk is en wat vir Christus weer laat lewe het.

13Julle het voorheen baie sondes gedoen, en daarom was julle geestelik dood. Julle was nie besny nie. Maar God het vir Christus weer laat lewe en God het ook vir julle weer laat lewe toe Hy al julle sondes vergewe het.

14God het ons sondes in ’n boek geskryf, want ons het nie gedoen wat sy wette sê nie. Maar God het vir Christus aan die kruis laat sterf en so het Hy ons sondes vergewe, die sondes wat Hy in sy boek geskryf het. Ja, Hy het die sondes uitgevee uit sy boek.

15Toe Christus aan die kruis gesterf het, het God die wapens weggevat van almal en alles wat oor die wêreld wil regeer. Hulle het sy gevangenes geword, en Hy het vir almal gewys dat hulle sy gevangenes is.

Gelowiges moet oppas vir mense wat vir hulle verkeerde dinge wil leer

16Daarom moet niemand sê julle doen verkeerd wanneer julle nie dieselfde dinge eet en drink wat hulle eet en drink nie, en wanneer julle nie die feeste, die Nuwemaan-fees en die Sabbatdag vier nie.

17Al daardie wette en feeste was soos skaduwees, dit was minder belangrik. Dit het net gewys eendag sal die Een kom wat regtig belangrik is, dit is Christus.

18Daar is mense by julle wat sê hulle is nie hoogmoedig nie, maar hulle lieg. Hulle aanbid engele, hulle spog en sê God het vir hulle dinge gewys, maar dit is nie waar nie. Hulle is trots op die slegte dinge wat hulle dink. Julle moenie dink dat hulle beter weet as julle en dat julle verkeerd is nie.

19Hulle hou nie vas aan Christus nie. Hy is die Hoof van die kerk, en die kerk is sy liggaam. Hy hou die kerk styf vas, soos die spiere ’n mens se liggaam sterk maak en die dele van die liggaam vasbind aan mekaar. Hy maak die kerk groter en sterker. So laat God die kerk groei.

20Christus het gesterf. Julle het saam met Hom gesterf, en toe het julle sondige lewe opgehou. Hoekom doen julle dan nog wat die geeste wil hê, die geeste wat dink dat hulle sterk is en oor die wêreld kan regeer? Die mense van die wêreld moet reëls hê, maar julle het nie daardie reëls nodig nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21Ek bedoel die reëls wat sê: Moenie aan hierdie ding raak nie, moenie daardie ding
eet nie, moenie aan daardie ding raak nie!

22Dit is reëls oor dinge soos kos, en kos is later op. Dit wys dit is mense se reëls, dit is
soos mense wil hê julle moet doen.

23Daardie reëls lyk miskien vir mense reg en slim. Dit lyk of die reëls vir mense help
om God te dien en om nie hoogmoedig te wees nie, en om die regte dinge te doen
met hulle liggame. Maar dit is nie waar nie. Die reëls help nie regtig vir die mense
nie. Die reëls help nie mense om op te hou om die slegte dinge te doen wat hulle
graag doen nie.

Kolossense 3

Die regte dinge moet vir gelowiges belangrik wees

1God het vir Christus weer laat lewe en God het ook vir julle weer laat lewe saam
met Christus. Daarom moet die dinge wat vir Christus belangrik is, nou vir julle ook
belangrik wees, want Christus is nou in die hemel by God, Hy sit op die belangrikste
plek by God.

2Julle moet altyd dink aan die dinge wat vir Christus belangrik is, die dinge daarbo in
die hemel. Julle moenie dink aan die dinge wat vir mense belangrik is nie, aan die
dinge hier onder op die aarde nie.

3Julle sondige lewe is verby, dit is dood. Julle het nou ’n nuwe lewe, maar die ander
mense weet dit nie, want julle lewe saam met Christus wat by God is.

4Dit is Christus wat die nuwe lewe vir julle gee. Hy sal weer kom, en dan sal almal
weet dat julle aan Hom, die Koning, behoort.

Gelowiges moenie sonde doen nie

5Julle moet ophou om slegte dinge te doen, die dinge wat sondige mense graag
doen. Julle moenie onsedelik lewe nie, julle moenie slegte dinge doen of dink of wil
hê nie. Julle moenie altyd meer en meer goed wil hê nie, want dan word julle goed
vir julle ’n afgod.

6Mense wat hierdie slegte dinge doen, is nie gehoorsaam aan God nie en daarom sal
God hulle straf.

7Julle het ook voorheen daardie slegte dinge gedoen en julle het gelewe soos daardie
mense.

8Maar nou moet julle nie meer daardie slegte dinge doen nie. Julle moenie kwaad
word en dan verkeerde dinge sê of doen nie. Julle moenie lelike dinge teen ander
mense sê nie. Julle moenie dinge sê wat ander mense seermaak nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

9Julle moenie vir mekaar lieg nie, want julle doen nie meer die dinge wat julle voorheen gedoen het nie.

10Julle is nou nuwe mense. God het julle gemaak en Hy maak julle nuut sodat julle Hom kan ken en kan wees soos Hy is.

11Julle is nie almal dieselfde nie, party van julle is Grieke en party is Jode, party is besny en party is nie besny nie, party is nie Grieke nie, party is mense wat glad nie belangrik is nie, party is slawe en party is nie slawe nie. Maar nou maak dit nie meer saak nie. Christus is die belangrikste en Hy is in julle harte.

Hoe moet gelowiges lewe?

12God het julle gekies, julle behoort aan Hom en Hy is lief vir julle. Daarom moet julle goeie dinge doen. Julle moet regtig jammer wees vir ander mense en julle moet goed wees vir hulle. Julle moenie hoogmoedig wees nie, julle moet sagte harte hê, julle moenie gou kwaad word nie.

13Julle moet geduldig wees met mekaar. As iemand iets verkeerd gedoen het, dan moet julle nie kwaad wees vir hom nie, julle moet hom vergewe. Die Here het julle vergewe, en so moet julle mekaar ook vergewe.

14Die belangrikste is dat julle lief moet wees vir mekaar, want dan sal julle regtig aan mekaar behoort en heeltemal wees soos God wil hê julle moet wees.

15Christus het vir julle vrede gegee en daardie vrede moet julle lewe regeer. God het julle gekies om een te wees, die een liggaam van Christus, sy kerk. Daarom moet julle in vrede met mekaar lewe. Julle moet ook dankbaar wees.

16Julle moet altyd dink aan die goeie boodskap oor Christus. Julle moet soos wyse mense vir mekaar leer en mekaar waarsku om nie verkeerde dinge te doen nie. Julle moet psalms en gesange en ander liedere sing om vir God dankie te sê.

17Julle behoort aan die Here Jesus. Daarom, al die dinge wat julle sê en doen, moet dinge wees wat Hy wil hê, en julle moet vir God die Vader dankie sê. Ja, julle moet vir Christus vra om vir God te sê julle sê dankie.

Hoe moet gelowiges in hulle huise lewe?

18Vroue, julle moet luister na julle mans. Dit is wat die Here wil hê.

19Mans, julle moet lief wees vir julle vroue. Julle moenie vir hulle laat swaarkry nie.

20Kinders, julle moet altyd gehoorsaam wees aan julle ouers, want die Here hou daarvan as julle luister na julle ouers.

21Pa's, julle moenie so kwaai met julle kinders wees dat hulle moedeloos word nie.

22 Slawe, julle moet alles doen wat julle eienaars hier op die aarde sê julle moet doen. Julle moet die Here dien en daarom moet dit vir julle lekker wees om vir julle eienaars te werk. Julle moenie net werk wanneer julle eienaars vir julle kyk nie, julle

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

moenie net werk sodat mense van julle kan hou nie. Dit moet vir julle lekker wees om vir julle eienaars te werk omdat julle die Here respekteer.

23Slawe, julle moenie iets doen net sodat ander mense daarmee tevrede sal wees nie. Julle moet dit baie goed doen sodat die Here daarmee tevrede sal wees,

24want julle weet die Here sal julle beloon. Hy sal vir julle gee wat Hy vir julle belowe het. Julle werk vir Christus, Hy is julle Eienaar.

25Wanneer mense verkeerd doen, dan sal die Here vir hulle gee wat hulle moet kry, Hy sal hulle straf. Hy doen reg aan almal.

Kolossense 4

1Julle wat eienaars van slawe is, julle moet reg doen aan julle slawe, soos die Here wil hê. Julle moet onthou dat julle ook ’n Eienaar in die hemel het.

Gelowiges moet bid en reg lewe

2Julle moenie ophou bid nie, julle moet wakker wees en julle moet altyd vir God dankie sê.

3Julle moet ook vir ons bid. Ons wil graag hê dat God vir ons moet stuur om weer te gaan preek en vir mense die boodskap oor Christus te bring. Dit is ’n boodskap wat niemand voorheen geken het nie, maar God het dit nou vir ons gesê. Ek is nou in die tronk omdat ek die boodskap oor Christus gepreek het.

4Julle moet vir my bid dat ek oor daardie boodskap sal preek en dat ek dit sal verduidelik soos ek moet.

5Wanneer julle by mense is wat nie in Christus glo nie, dan moet julle reg lewe. Ja, julle moet julle tyd reg gebruik.

6Wanneer julle met mense praat, dan moet julle altyd vriendelik wees. Dit moet vir die mense lekker wees om na julle te luister. Ja, julle moet altyd die regte dinge vir elke mens sê.

Baie mense stuur groete vir die Kolossense

7Tigikus sal vir julle alles vertel wat met my gebeur het. Hy is my goeie vriend, en hy doen sy werk vir die kerk goed. Hy werk baie hard saam met my vir die Here.

8Ja, ek stuur vir Tigikus na julle toe sodat julle kan hoor hoe dit met ons gaan. Hy sal julle help sodat julle geloof sterk bly.

9Ek stuur ook vir Onesimus saam met Tigikus. Onesimus is ’n goeie vriend, en hy doen sy werk goed. Hy is een van julle. Onesimus en Tigikus sal vir julle alles vertel wat hier gebeur het.

10Aristargus is saam met my in die tronk en hy stuur groete vir julle. Markus, die neef van Barnabas, stuur ook groete vir julle. Julle weet wat julle moet doen wanneer Markus daar by julle kom, julle moet vir hom sê hy is welkom.

© Bible Society of South Africa.

11Jesus, sy ander naam is Justus, stuur ook groete vir julle. Hy en Aristargus en Markus is die enigste Jode wat my gehelp het om vir die mense te vertel dat God Koning is. Hulle het my baie gehelp.

12Epafras stuur ook groete vir julle. Hy het voorheen daar by julle gewoon, maar hy is nou hier by my. Hy werk ook vir Christus. Epafras bid altyd ernstig vir julle en hy vra dat God julle moet help dat julle heeltemal sal wees soos Hy wil hê en dat julle alles presies sal doen soos Hy wil hê.

13Ek sê vir julle hy het baie hard gewerk vir julle en ook vir almal wat in Christus glo en wat woon in die stede Laodisea en Hiërapolis.

14Lukas, die dokter, stuur ook groete. Ons is lief vir hom. Demas stuur ook groete.

15Ek, Paulus, stuur groete vir almal in Laodisea wat in Christus glo, en ook vir Nimfas en die gemeente wat in haar huis kerk hou.

16Wanneer julle hierdie brief van my klaar gelees het, dan moet julle dit ook vir die gemeente in Laodisea stuur sodat hulle dit ook kan lees. Ek het ook vir hulle ’n brief gestuur. Julle moet dit ook lees.

17Julle moet vir Argippus sê hy moet onthou dat die Here vir hom ’n werk gegee het om te doen. Hy moet aanhou om dit te doen.

18Hier skryf ek, Paulus, nou self: Groete vir julle! Julle moet onthou dat ek in die tronk is en julle moet dink aan my. Ek bid dat God genadig sal wees vir julle.

© Bible Society of South Africa.

1 Tessalonisense

1 Tessalonisense 1

[1]Ek, Paulus, saam met Silvanus en Timoteus, skryf hierdie brief vir julle in Tessalonika, die gemeente wat behoort aan God die Vader en aan die Here Jesus Christus. Ons groet julle. Ons bid dat God genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle sy vrede sal gee.

Die gelowiges van Tessalonika wys vir ander gelowiges hoe hulle moet lewe

[2]Wanneer ons bid, dan dink ons aan julle almal en dan sê ons vir God dankie.

[3]Ja, wanneer ons tot ons God en Vader bid, dan onthou ons altyd wat julle alles doen omdat julle in Christus glo. Ons onthou ook hoe hard julle werk omdat julle lief is vir Christus, en ons onthou hoe julle aanhou hoop en weet dat ons Here Jesus Christus weer sal kom. Ja, julle wag dat Hy sal kom.

[4]Vriende, God is lief vir julle, en ons weet dat God julle gekies het om aan Hom te behoort.

[5]Ons weet dit, want julle het die goeie boodskap by ons gehoor, en nog meer, julle het ook die wonderwerke gesien wat die Heilige Gees gedoen het. En julle het vas geglo dat alles wat ons doen en sê, die waarheid is. Julle weet ook hoe ons saam met julle gelewe het. Ons het dit gedoen sodat julle kon sien hoe gelowiges moet lewe.

[6]Julle het geleer om soos ons en die Here te lewe, want party mense het julle laat swaarkry toe julle die goeie boodskap begin glo het. Maar die Heilige Gees het aangehou om julle baie bly te maak.

[7]So het julle vir al die gelowiges in die provinsies Masedonië en Agaje gewys hoe hulle moet lewe.

[8]Julle het so gelewe, daarom het die boodskap van die Here verder gegaan na Masedonië, en ook na Agaje en al die plekke waar mense gehoor het dat julle in God glo. Ons het toe ook nie vir hulle baie vertel van die boodskap van die Here nie, dit was nie nodig nie.

[9]Hierdie mense vertel vir almal dat julle gesê het ons is welkom by julle. Hulle vertel ook dat julle die afgode gelos het en begin doen het wat God wil hê. So het julle begin om die God wat lewe, die ware God, te dien.

[10]Julle wag ook dat God se Seun moet terugkom uit die hemel, God het die Seun weer laat lewe. Die Seun is Jesus, Hy sal ons red wanneer God eendag die mense sal oordeel.

1 Tessalonisense 2

Paulus se harde werk in Tessalonika

© Bible Society of South Africa.

1Vriende, julle weet baie goed dat ons werk by julle nie misluk het nie.

2Julle weet ook dat ons eers in die stad Filippi baie swaar gekry het voordat ons na julle toe gekom het. Die mense daar het slegte dinge gedoen aan ons. Ook in die stad Tessalonika was daar mense wat ons probeer keer het, maar God het ons gehelp om aan te hou om die goeie boodskap van God vir julle te bring.

3Ons het vir julle geleer wat julle moet doen en ons het dit gedoen soos mense wat weet wat die waarheid is. Ons wou ook nie vir onsself iets kry of vir julle bedrieg nie.

4Nee, God het ons eers baie goed getoets voordat Hy die goeie boodskap vir ons gegee het om dit vir julle te bring. Daarom, wanneer ons met julle praat, dan probeer ons nie om dinge te sê wat mense wil hê nie. Nee, ons probeer net sê wat God wil hê, want dit is God wat ons harte toets.

5Julle weet baie goed: Ons het nooit probeer om vir julle mooi dinge te sê net sodat julle gelukkig moet voel nie. Ons het ook nie gemaak of ons baie goed is sodat julle vir ons geld moet gee nie. God weet ek praat die waarheid.

6Ons wou ook nie hê mense moet ons prys nie. Julle moet ons nie prys nie, en ander mense moet ons ook nie prys nie.

7Ons is apostels van Christus en daarom mag ons gesê het dat julle vir ons moet sorg. Maar ons het dit nie gesê nie. Ons was soos kindertjies toe ons by julle was, ons het niks gevra nie. Nee, dit was óns wat vir júlle gesorg het, soos ’n vrou vir haar baba sorg.

8Ons het baie verlang om by julle te wees, daarom het ons besluit om God se goeie boodskap vir julle te bring. En nie net dit nie, ons wou ook onsself vir julle gee, want ons het baie lief geword vir julle.

9Vriende, onthou julle hoe hard ons gewerk en gesweet het toe ons by julle was? Ons het elke dag en nag gewerk om self te betaal vir ons kos en slaapplek, ons wou vir niemand van julle vra om vir ons te sorg nie. So het ons God se goeie boodskap vir julle gebring.

10Julle weet en God weet ook dat ons baie hard gewerk het vir julle wat glo. Ons het net aan julle gedink. Niemand kan ons beskuldig nie.

11Julle weet goed dat ons vir elkeen van julle lief was soos ’n pa lief is vir sy kinders.

12Ons het met julle gepraat soos ’n pa met sy kinders praat. Ons het gesê julle moenie moedeloos word nie, julle moet aanhou probeer. Ons het gesoebat dat julle so moet lewe dat God tevrede sal wees met julle. Want dit is Hý wat vir julle gekies het, Hy wil julle Koning wees en oor julle regeer.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13Daarom sê ons ook vir God altyd dankie dat julle geglo het wat ons vir julle gesê het. Julle het geglo dat God dit gesê het, nie mense nie. En die dinge wat God gesê het, werk nou ook in julle wat glo.

14Vriende, dieselfde dinge gebeur met julle soos wat gebeur het met die gemeentes van God in die provinsie Judea, hulle is mense wat ook in Christus Jesus glo. Julle het ook swaargekry soos hulle. Julle eie mense het julle laat swaarkry, soos die Jode die gemeentes in Judea laat swaarkry het.

15Dit is die Jóde wat die Here Jesus doodgemaak het. Hulle het die profete laat swaarkry en ook vir ons. Die Jode doen nie wat God wil hê nie, en hulle is téén al die mense.

16Hulle keer ons wanneer ons vir die heidene die boodskap wil bring sodat God die heidene kan red. So het die Jode se sondes meer en meer geword, hulle het baie baie skuldig geword. En nou het God hulle begin straf.

Paulus wil graag weer na die gemeente gaan

17Vriende, ons is nou ’n kort tydjie nie by julle nie. Ons voel soos kinders wat nie ouers het nie. Julle kan ons nie sien nie, maar in ons harte dink ons aan julle. Ons het regtig baie hard probeer om by julle te kom, ons het baie verlang om julle weer te sien.

18Ja, ons wou regtig na julle toe kom. Ek, Paulus, het self meer as een maal probeer om te kom, maar die Satan het ons gekeer.

19Julle moenie luister na wat ander mense sê nie. Dit is net julle en die ander gelowiges wat ons laat hoop, ons kan bly wees oor julle. Wat sal ons kry vir die werk wat ons gedoen het? Wat sal ons vir die Here Jesus kan wys wanneer Hy weer kom? Ons sal net julle en die ander gelowiges vir Hom kan wys.

20Júlle is die mense op wie ons trots sal wees, ons sal bly wees oor julle.

1 Tessalonisense 3

1Ons het so baie na julle verlang dat ons nie langer kon wag nie. Toe het ons besluit dat net ek en Silvanus in Atene moet bly

2en dat Timoteus na julle toe moet gaan. Timoteus glo ook soos ons in God, en hy werk saam met ons vir God om die goeie boodskap van Christus te bring. Timoteus moes vir julle gaan sê dat julle moet aanhou glo, julle moenie moedeloos word nie.

3Timoteus moes gaan seker maak dat julle nie twyfel omdat julle swaarkry nie. Julle weet self dat gelowiges in hierdie wêreld sal swaarkry.

4Toe ons by julle was, het ons vir julle gesê dat ons sal swaarkry. Ons het dit gesê voordat dit gebeur het, en julle weet dit het alles presies so gebeur.

© Bible Society of South Africa.

5Ek kon nie langer wag nie, ek wou hoor hoe dit met julle gaan. Daarom het ek gesê ons moet vir Timoteus stuur om te gaan uitvind of julle nog glo. Hy moes seker maak dat die Satan julle nie verlei het sodat julle nie meer glo nie. As julle opgehou het om te glo, dan het ons werk by julle niks beteken nie.

6Maar Timoteus het klaar teruggekom van julle en hy het vir ons goeie nuus gebring. Hy sê julle hou aan om in God te glo en julle is lief vir mekaar. Hy sê ook julle dink aan mooi dinge wanneer julle aan ons dink, en julle verlang om ons te sien, soos ons ook verlang om julle te sien.

7Vriende, ons het baie probleme en ons kry swaar, maar ons voel tevrede oor julle, want ons weet julle hou aan om te glo.

8Julle geloof in die Here is sterk, daarom gaan dit goed met ons.

9Wanneer ons aan julle dink, dan is daar baie dinge wat ons bly maak. Ons kan nie vir God genoeg dankie sê oor julle wanneer ons tot Hom bid nie.

10Ons bid ernstig elke dag en nag dat ons julle weer sal sien. Ons bid ook dat ons oor die ander dinge kan praat wat julle glo maar wat julle nog nie goed verstaan nie.

11Ons bid dat ons God en Vader en ons Here Jesus Christus vir ons na julle toe sal lei.

12Ons bid dat die Here julle liefde sal laat groei en dat julle vol sal word van liefde vir mekaar en liefde vir almal, soos ons ook lief is vir julle.

13So sal die Here julle in julle harte laat glo dat julle heeltemal aan God behoort. Dan sal niemand julle kan beskuldig wanneer julle voor ons God en Vader staan nie, daardie dag wanneer die Here Jesus kom en wanneer al sy engele by Hom sal wees. Amen.

1 Tessalonisense 4

’n Christen moet rein lewe en hy moet lief wees vir ander Christene

1Vriende, daar is nog ’n paar dinge waaroor ons met julle wil praat. Die Here Jesus sê ons moet vir julle iets vra wat baie belangrik is. Ons het vir julle geleer hoe julle moet lewe sodat God tevrede sal wees met julle. Ons weet julle doen dit al klaar, maar ons wil vra dat julle dit nog beter moet doen.

2Julle weet wat ons alles vir julle gesê het om te doen. Dit is dinge wat die Here Jesus vir ons gesê het.

3God wil hê julle moet lewe soos mense wat aan Hom behoort. Julle moenie julle liggame gebruik om onsedelik te lewe nie.

4God wil hê elke man moet weet dat hy saam met sy vrou moet lewe soos God wil hê, en elke man moet sy vrou respekteer.

© Bible Society of South Africa.

5Julle moenie doen soos die heidene wat nie vir God ken nie. Daardie mans gebruik hulle vroue net vir seks.

6God wil ook hê gelowiges moenie sonde doen teen mekaar nie. Die een man moenie ’n ander man se vrou wil hê en haar vir homself vat nie. Die Here sal hierdie soort sonde straf. Ons het dit voorheen vir julle gesê en ons het julle ernstig gewaarsku.

7God het ons gekies om aan Hom te behoort, daarom moet ons lewe soos Hy wil hê, ons moenie onsedelik lewe nie.

8Daarom, iemand wat nie luister na wat ons vir julle leer nie, is ongehoorsaam aan God wat sy Heilige Gees vir julle gee, hy is nie ongehoorsaam aan mense nie.

9Dit is nie nodig dat óns vir julle skryf dat julle lief moet wees vir mekaar nie, want God self het vir julle geleer dat julle lief moet wees vir mekaar.

10Ons weet julle is lief vir al die gelowiges in die hele provinsie Masedonië. Maar, vriende, ons vra weer baie mooi, julle moet dit nog beter doen.

11Julle moet ook probeer om stil en rustig te lewe. Julle moenie nuuskierig wees oor ander mense nie. En julle moet self hard werk, soos ons gesê het julle moet doen.

12Dan sal die mense buite die gemeente, die mense wat nie in Christus glo nie, julle respekteer. En julle sal ook alles kry wat julle nodig het.

Wat sal gebeur wanneer die Here weer kom

13Vriende, ons wil graag hê dat julle moet weet wat sal gebeur met die gelowiges wat gesterf het. As julle dit weet, dan sal julle nie huil en treur soos die heidene wat niks het wat hulle kan hoop nie.

14Ons glo dat Jesus gesterf het en weer begin lewe het. Ons moet ook glo dat God die gelowiges wat gesterf het, na Jesus toe sal bring.

15Wat ons nou vir julle sê, het die Here Jesus vir ons gesê. Wanneer die Here Jesus weer kom, dan sal dit nie met ons wat nog lewe, beter gaan as met die mense wat klaar gesterf het nie.

16Wanneer die Here Jesus kom, dan sal Hy hard roep en sê wat moet gebeur. ’n Groot engel sal hard roep, en die trompet van God sal blaas. Die Here Jesus self sal uit die hemel kom, en die mense wat gesterf het en wat in Christus glo, sal eerste weer lewe.

17Daarna sal God ons wegvat, ons wat nog lewe en wat oorgebly het op die aarde. Hy sal ons en die mense wat gesterf het en wat weer lewe, saam wegneem tot in die wolke. Dan sal ons die Here Jesus in die lug ontmoet, en so sal ons altyd by die Here Jesus wees.

18Julle moet hierdie dinge vir mekaar sê, sodat julle nie huil en treur nie.

© Bible Society of South Africa.

1 Tessalonisense 5

Die Here sal skielik weer kom

1Vriende, dit is nie nodig dat ons vir julle moet skryf en sê presies wanneer en hoe
die Here sal kom nie.

2Julle weet baie goed dat die dag van die Here sal kom soos ’n dief in die nag kom.

3Die mense sal sê: “Daar is nou vrede en ons is veilig,” en dan sal dit skielik baie baie
sleg gaan met daardie mense. Dit sal wees soos wanneer ’n vrou ’n baba moet kry,
haar pyn kom skielik. Die mense sal glad nie kan wegvlug nie.

4Maar vriende, julle lewe nie in die donker nie, julle weet hoe julle moet lewe. Julle
sal gereed wees wanneer die dag van die Here kom. Dit sal nie soos ’n dief na julle
toe kom nie.

5Julle almal hou van die lig en van die dag. Ons lewe nie soos mense wat hou van die
nag en van die donker nie.

6Daarom moet ons nie slaap soos die mense wat nie in Christus glo nie. Ons moet
wees soos mense wat wakker is en nie dronk is nie.

7Mense wat slaap, slaap in die nag, en mense wat dronk word, word in die nag
dronk.

8Maar ons wat hou van die dag, ons moenie soos dronk mense wees nie. Ons moet
die oorlogklere aantrek wat God vir ons gee: Hierdie klere is ’n harnas en ’n helm.
Die harnas help ons om aan te hou glo en om lief te wees vir ander mense. Die helm
help ons om aan te hou hoop dat God ons sal red wanneer die Here Jesus Christus
weer kom.

9God wil ons nie straf wanneer die Here Jesus Christus weer kom nie. God wil iets
anders vir ons gee, Hy wil hê dat die Here Jesus Christus ons moet red.

10Dit maak nie saak of ons nog lewe en of ons al klaar dood is wanneer Hy weer kom
nie. Hy het gesterf om ons te red, daarom sal ons ook saam met Hom lewe.

11Daarom moet julle mekaar help om nie moedeloos te word nie en om sterk te
wees, soos julle al klaar doen.

Paulus sê ’n paar laaste dinge vir die gemeente in Tessalonika

12Vriende, ons vra vir julle dat julle die leiers moet respekteer wat hard werk daar by
julle. Want hulle lei julle soos die Here wil hê, en hulle leer vir julle van Hom.

13Julle moet julle leiers respekteer en baie lief wees vir hulle, want hulle doen
belangrike werk. Julle moet só lewe dat daar vrede is tussen julle.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Vriende, ons vra vir julle baie mooi, julle moet ernstig praat met die mense wat lui is. Julle moet die mense wat maklik moedeloos word, help en bemoedig. Julle moet die mense help wat nie sterk glo nie. Julle moet geduldig wees met almal.

15As iemand slegte dinge gedoen het aan jou, dan moet jy nie ook slegte dinge doen aan hom nie. Julle moet keer sodat niemand dit doen nie. Julle moet altyd goeie dinge probeer doen vir mekaar en vir al die mense.

16Julle moet altyd bly wees.

17Julle moenie ophou bid nie.

18Julle moet altyd dankbaar wees, dit maak nie saak wat gebeur nie. Dit is wat God wil hê julle moet doen omdat julle in Christus Jesus glo.

19Julle moenie keer wanneer die Heilige Gees werk nie.

20Dit beteken julle moenie ’n profeet stilmaak nie.

21Maar julle moet ook nie alles glo wat mense sê nie. Julle moet toets wat mense sê en kyk of dit regtig is wat God wil hê. Dan sal julle weet wat goed is.

22Bly weg van alles wat sleg is.

23Ons bid dat God wat vrede gee, julle aan Hom sal wy sodat julle sal doen wat Hy wil hê. Ons bid ook dat wanneer ons Here Jesus Christus kom, julle heeltemal skoon sal wees, julle gees, julle hart en julle liggaam. Dan sal niemand julle kan beskuldig nie.

24God sal doen wat Hy belowe het, Hy het julle gekies en Hy sal dit doen.

25Vriende, julle moet asseblief ook vir ons bid.

26Groet al die gelowiges met ’n soen wat wys dat julle almal aan Christus behoort.

27Julle moet vir my belowe en die Here moet die getuie wees dat julle hierdie brief vir al die gelowiges sal lees sodat hulle dit kan hoor.

28Ek bid dat die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 Tessalonisense

2 Tessalonisense 1

1 Ek, Paulus, saam met Silvanus en Timoteus, skryf hierdie brief vir julle, julle wat die
gemeente in Tessalonika is en wat behoort aan God ons Vader en aan die Here Jesus
Christus.

2 Ons groet julle. Ons bid dat God ons Vader en die Here Jesus Christus genadig sal
wees vir julle en dat Hy vrede vir julle sal gee.

God sal ons oordeel wanneer Christus weer kom

3 Vriende, ons wil altyd vir God dankie sê oor julle, en ons moet dit doen, want julle
glo meer en meer en julle almal is meer en meer lief vir mekaar.

4 Daarom sê ons mooi dinge oor julle in die ander gemeentes van God. Ons vertel vir
hulle dat julle aanhou om lief te wees vir God en dat julle aanhou om vas te glo, ook
wanneer julle baie swaar kry omdat mense baie slegte dinge aan julle doen en julle
verdruk.

5 Julle kry swaar, en dit wys dat God reg oordeel oor mense. Julle kry nou swaar
omdat julle behoort aan God wat Koning is, maar so maak God julle gereed vir die
tyd wanneer Hy Koning sal wees oor almal.

6 God doen reg, want Hy sal die mense wat vir julle verdruk, ook laat swaarkry.

7 Julle kry nou swaar, maar God sal julle help sodat julle en ook ons nie meer sal
swaarkry nie. Hy sal dit doen wanneer Hy uit die hemel die Here Jesus vir al die
mense sal wys sodat hulle Hom sal sien. Dit sal gebeur wanneer Jesus van die hemel
af kom saam met sy sterk engele.

8 Dit sal wees soos ’n vuur wat brand. Hy sal almal straf wat nie vir God ken nie, dit is
almal wat nie wou luister nie toe ons die goeie boodskap van ons Here Jesus gebring
het.

9 Hierdie mense se straf sal wees dat dit vir altyd baie sleg sal gaan met hulle, want
die Here sal nie by hulle wees nie. Hulle sal nie kan sien dat Hy ’n Koning is wat alles
kan doen nie.

10 Daardie dag wanneer Jesus kom, sal al die gelowiges vir Hom sê hulle is bly dat Hy
kom en dat Hy hulle Koning is. Almal wat in Hom glo, sal Hom prys. Julle sal dit ook
doen omdat julle geglo het wat ons vir julle vertel het.

11 Ons bid altyd vir julle dat ons God julle gereed sal maak om te lewe soos Hy wil hê.
Hy het julle gekies om aan Hom te behoort. Ons bid dat God die goeie dinge sal
klaarmaak wat julle begin doen het, die dinge wat julle doen omdat julle in Hom glo.
Want God het die krag, Hy kan dit doen.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Ons bid dat God dit sal doen sodat julle ons Here Jesus se Naam kan prys en sodat Hy vir julle ook kan prys. Al hierdie dinge kan net gebeur omdat ons God en die Here Jesus Christus goed is vir julle.

2 Tessalonisense 2

Die slegte leier

1Vriende, wanneer ons Here Jesus Christus kom, dan sal Hy ons bymekaarmaak om by Hom te wees. Maar ons wil julle waarsku:

2Julle moenie dat mense julle hieroor deurmekaar maak of bekommerd maak nie. Want daar is mense wat sê dat die dag van die Here al klaar gekom het. Hierdie mense sê dat die dinge wat hulle dink, van die Here self kom, of hulle sê iemand het dit vir hulle geleer, of hulle sê hulle het ’n brief van ons gekry wat so leer.

3Maar julle moenie dat iemand vir julle verkeerd leer nie, want daar moet eers ’n paar ander dinge gebeur voordat die dag van die Here kom. Daar sal baie mense wees wat nie meer na God se wette luister nie. Hulle leier sal iemand wees wat glad nie na God se wette wil luister nie. Daarom sal God hom eendag straf.

4Hierdie leier sal teen alles wees wat God doen. Hy sal sê hy is belangriker as God of die gode, belangriker as enige iets wat mense aanbid. Hy sal ook in die tempel van God gaan sit en maak of hy God is.

5Onthou julle dat ek julle teen hierdie dinge gewaarsku het toe ek nog by julle was?

6Daar is nou iets wat hierdie slegte leier keer, hy kan nie nou doen wat hy wil doen nie. Julle weet wat dit is wat hom keer. Hy sal net kan doen wat hy wil doen wanneer God besluit hy mag dit doen.

7Niemand weet dit nie, maar hierdie slegte leier laat mense nou al klaar besluit om nie na God se wette te luister nie. Maar daar is een wat hom keer, en wanneer daardie een nie meer daar is nie, dan sal almal dit weet.

8En dan sal almal kan sien wie die slegte leier is, die een wat glad nie na God se wette wil luister nie. En wanneer die Here Jesus kom, dan sal Hy hierdie slegte leier doodmaak, so maklik soos ’n mens iets met jou asem wegblaas. Ja, die slegte leier sal verdwyn wanneer hy sien dat die Here Jesus kom en dat Hy Koning is.

9Wanneer die slegte leier begin werk, dan sal die Satan vir hom sê wat om te doen. Die slegte leier sal die krag hê om wonderwerke en ander wonderlike dinge te doen wat mense sal bedrieg.

10Die slegte leier sal die mense wat verlore gaan, bedrieg met alles wat hy verkeerd doen. Die mense sal hom volg, want hulle het nie hulle harte oopgemaak nie en hulle het nie lief geword vir die ware goeie boodskap oor die Here Jesus nie. As hulle dit gedoen het, dan sou God hulle gered het.

© Bible Society of South Africa.

11God het hierdie mense verkeerd laat dink en daarom glo hulle die slegte leier se leuens.

12En so sal God almal straf wat nie die ware goeie boodskap oor die Here Jesus geglo het nie. Dit is al die mense wat daarvan gehou het om verkeerde dinge te doen.

Paulus sê dankie vir God

13Maar vriende, die Here is lief vir julle. Ons wil altyd vir God dankie sê dat Hy julle gekies en gered het. Hy het julle eerste gered, en Hy sal nog baie ander mense red. God het julle gered omdat sy Gees julle harte oopgemaak het vir Hom, en omdat julle geglo het dat die boodskap oor Jesus Christus waar is.

14Ons het vir julle die goeie boodskap oor Jesus Christus gebring, en so het God julle gekies om ook te behoort aan ons Koning en Here, Jesus Christus.

15Daarom, vriende, julle moenie twyfel nie. Julle moet aanhou om alles te glo wat ons vir julle geleer het toe ons by julle was, en ook alles wat ons vir julle geskryf het.

16God ons Vader is nog altyd lief vir ons. Omdat Hy goed is vir ons, sal Hy ons altyd help om nie moedeloos te word nie. Hy help ons ook om aan te hou hoop dat daar goeie dinge sal gebeur. Ons bid dat ons Here Jesus Christus self en God ons Vader

17julle sal bemoedig en vir julle die krag sal gee om aan te hou met al die goeie dinge wat julle doen en sê.

2 Tessalonisense 3

Die gemeente in Tessalonika moet vir Paulus en die ander apostels bid

1Vriende, daar is nog ’n paar laaste dinge wat ons vir julle wil sê. Julle moet bid vir ons, sodat die goeie boodskap oor die Here Jesus vinnig by almal kan kom, en sodat mense bly kan wees wanneer hulle dit hoor, soos julle ook bly was.

2Julle moet ook bid dat die Here ons sal verlos van slegte mense wat na niemand wil luister nie, want dit is nie al die mense wat die goeie boodskap oor Christus wil glo nie.

3Maar die Here doen wat Hy belowe het. Hy sal julle sterk maak en beskerm teen die duiwel.

4Ons is seker dat die Here julle sal help om die dinge te doen wat ons vir julle sê om te doen. Julle doen dit al klaar, en julle sal aanhou om dit te doen.

5Ons bid dat die Here julle sal lei om nog beter te verstaan hoe lief God is vir die mense van die wêreld en hoe Christus aangehou het om te doen wat sy Vader wil hê. Daarom kan ons dit ook doen.

Christene moenie lui wees en niks doen nie

© Bible Society of South Africa.

6Vriende, ons Here Jesus Christus het vir my gesê ek moet julle waarsku: Julle moet wegbly van al die gelowiges wat lui is en wat nie lewe soos ons vir hulle gesê het nie.

7Want julle weet baie goed wat julle moet doen as julle soos ons wil lewe. Ons was nie lui toe ons by julle gebly het nie.

8Ons het by niemand kos gebedel nie, ons het daarvoor betaal. Ons het elke dag en nag hard gewerk en gesweet, want ons wou nie vir een van julle vra om vir ons te sorg nie.

9Ons is apostels van die Here, en daarom kon ons vir julle gevra het om vir ons te sorg. Maar ons het dit nie gedoen nie, want ons wou vir julle wys dat ’n mens vir homself moet sorg. Ons wou hê julle moet ook doen soos ons gedoen het.

10Toe ons by julle was, het ons duidelik vir julle gesê dat as iemand nie wil werk nie, dan moet hy ook nie eet nie.

11Ons hoor dat party gelowiges by julle baie lui is. Hulle wil nie werk nie, maar hulle pla altyd vir ander mense.

12Die Here Jesus Christus het vir my gesê ons moet vir daardie gelowiges hard en duidelik sê dat hulle moet ophou om altyd ander mense te pla, en dat hulle vir hulleself moet sorg.

13Maar, vriende, julle moenie moeg word om goed te doen nie.

14As iemand nie luister na wat ons in hierdie brief skryf nie, dan moet julle vir almal sê wie hy is. Julle moet hom alleen los sodat hy kan skaam word.

15Maar julle moenie sy vyande wees nie. Julle moet met hom raas soos julle met ’n broer sal raas.

Paulus groet die gemeente

16Ek bid dat die Here wat vrede gee, self vir julle altyd en op baie maniere vrede sal gee.

17Ek, Paulus, skryf hierdie groete met my eie hand. Ek doen dit in elke brief, sodat julle kan sien hoe ek skryf.

18Ek bid dat die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle almal.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

1 Timoteus

1 Timoteus 1

Paulus groet vir Timoteus

1 Ek, Paulus, is ’n apostel van Christus Jesus. God en Christus Jesus het vir my gesê
dat ek ’n apostel van Christus Jesus moet wees, God wat vir ons gered het en
Christus Jesus wat sal doen wat Hy belowe het.

2 Ek, Paulus, skryf hierdie brief vir jou, Timoteus. Jy is vir my soos my eie kind, want ek
het jou gehelp om in Christus te glo. Ek bid dat God die Vader en Christus Jesus ons
Here genadig sal wees vir jou en dat Hy goed sal wees vir jou wanneer jy swaarkry.
Ek bid ook dat Hy vir jou vrede sal gee.

Jy moet oppas vir mense wat verkeerde dinge sê

3 Voordat ek na die provinsie Masedonië gegaan het, het ek vir jou mooi gevra om in
Efese te bly. Nou vra ek weer vir jou mooi om daar te bly sodat jy vir party mense kan
sê hulle moet ophou om verkeerde dinge vir die mense te leer.

4 Hulle moet ook ophou om te luister na al die stories wat nie waar is nie en hulle
moet ook nie dink dat baie name van voorouers belangrik is nie. Hierdie dinge laat
mense stry met mekaar, hierdie dinge help hulle nie om te glo dat God ’n plan het
om die mense te red wat in Christus glo nie.

5 Ek sê dit vir julle omdat gelowiges lief moet wees vir mekaar en vir God. Gelowiges
moet mense wees wat net vir God dien, hulle moet goed weet wat is reg en wat is
verkeerd, en hulle moet waarlik in Christus glo.

6 Party mense het opgehou om dit te doen en nou hou hulle aan om dinge te praat
wat niks beteken nie.

7 Hulle wil vir ander mense leer wat die Wette van Moses sê. Hulle dink hulle weet
alles, maar hulle verstaan self nie wat hulle sê nie en hulle verstaan ook nie die dinge
waaroor hulle praat nie.

Hoe ons die wette moet gebruik

8 Ons weet dat die Wette van Moses goed is as ’n mens dit reg gebruik soos ’n mens
dit moet gebruik.

9 Ons weet dat God nie die wette gegee het vir mense wat self doen wat die wette sê
nie. Vir wie het God die wette gegee? Hy het dit gegee vir mense wat nie wil luister
na die wette nie en wat opstandig is teen die wette. Hy het die wette gegee vir
mense wat nie dink aan God nie en wat sondaars is, vir mense wat nie vir God aanbid
of dien nie en wat wêreldse mense is, vir mense wat hulle ouers vermoor en vir
ander moordenaars.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

10God het die wette gegee vir mense wat onsedelik lewe, vir mans wat met mans onsedelike dinge doen, vir mense wat ander mense vang en hulle verkoop om slawe te wees, vir mense wat lieg en in die hof leuens vertel. Die wette is vir mense wat dinge doen wat verkeerd is, hulle doen niks wat ’n mens móét doen nie, hulle doen niks van die goeie dinge wat ons geleer het nie.

11Ons het dinge geleer wat pas by die goeie boodskap van God wat Koning is. Ons moet altyd vir God prys. God het die goeie boodskap vir my gegee om vir julle te bring.

Paulus sê dankie vir Jesus Christus wat vir hom krag gegee het

12Ek sê dankie vir Christus Jesus, ons Here, want Hy het vir my die krag gegee om my werk te doen. Ek sê ook vir Hom dankie dat Hy gedink het ek sal doen wat Hy wil hê, dankie dat Hy vir my die werk gegee het om die goeie boodskap te bring.

13Voordat ek ’n gelowige geword het, het ek slegte dinge gesê van Christus, ek het die mense van sy kerk verdruk en beledig. Maar Christus was genadig vir my, omdat ek daardie dinge gedoen het toe ek nog nie in Hom geglo het nie, ek het nie geweet dat ek verkeerd doen nie.

14Ons Here was baie goed vir my. Hy het my laat glo in Hom, en Hy het my lief gemaak vir mense. Dit gebeur wanneer ’n mens aan Christus Jesus behoort.

15Wat ek nou wil sê, is waar, julle kan dit glo: Christus Jesus het na die wêreld gekom om sondaars te red. Ek is die grootste sondaar.

16Maar Christus Jesus was baie goed vir my. Ek was die grootste sondaar, maar Hy het vir my gewys dat Hy baie geduldig is. Daarom het ek ’n voorbeeld geword vir ander mense, mense wat ook in Hom kan glo en die ewige lewe kan kry.

17Ek bid dat die mense altyd vir God sal eer en prys, God wat altyd Koning is en wat altyd lewe. Ons sien nie vir God nie, net Hy is God. Amen.

Paulus sê Timoteus moet aanhou werk

18Timoteus, jy is vir my soos my eie kind. Profete het voorheen gesê wat met jou sal gebeur. Daarom sê ek ook nou vir jou wat jy moet doen sodat jy soos ’n goeie soldaat kan aanhou veg.

19Jy moet aanhou glo en jy moet onthou wat is reg en wat is verkeerd. Party mense wou dit nie onthou nie en hulle het opgehou glo, hulle geloof was soos wanneer ’n skip stukkend stamp op die rotse en sink.

20Twee van hierdie mense is Himeneus en Aleksander. Ek het hulle vir die Satan gegee sodat hulle kan leer om nie verkeerd te praat oor God nie.

1 Timoteus 2

Hoe die gemeente moet bid

© Bible Society of South Africa.

1Ek sê dit is belangrik dat julle vir al die mense moet bid. Sê vir God wat hulle nodig
het, vra vir God om hulle te help en sê ook vir God dankie vir hulle.

2Julle moet bid vir konings en vir almal wat oor julle regeer. Julle moet dit doen sodat
ons stil en rustig kan lewe terwyl ons vir God dien en lewe soos Hy wil hê.

3Wanneer julle só bid, dan is dit reg. God, ons Redder, wil dit so hê.

4God wil graag al die mense red en Hy wil hê dat hulle moet weet wat die waarheid
is.

5Die waarheid is: Daar is net één God en daar is net één Persoon wat God en die
mense bymekaar kan bring, dit is die mens Christus Jesus.

6Hy het sy lewe gegee en Hy het gesterf om al die mense vry te maak. So het Hy
gewys dat die regte tyd gekom het.

7Daarom het Christus Jesus my gekies en aangestel om die goeie boodskap te bring
vir die mense wat nie Jode is nie, en om ’n apostel te wees. Ek lieg nie as ek dit sê
nie, ek praat die waarheid. Ek moet ook vir húlle die waarheid leer en ek moet vir
hulle leer wat dit beteken om in Christus te glo.

Hoe mans en vroue in die gemeente die Here moet dien

8Ek wil hê die mans wat hulleself aan die Here wy, moet tot die Here bid. Hulle moet
hulle hande ophou na die hemel en hulle moet bid op elke plek waar hulle
bymekaarkom. Hulle moenie vir mekaar kwaad word en stry nie.

9Ek wil ook hê dat vroue mooi moet wees omdat hulle die regte klere dra, klere wat
wys dat hulle nie slegte vroue is nie en dat hulle mooi maniere het. Hulle moenie
hulle hare so mooi vleg dat almal altyd daarna wil kyk nie, en hulle moenie goue
juwele of pêrels of baie duur klere dra nie.

10Nee, vroue wat sê dat hulle vir God dien, moet goeie dinge vir ander mense doen,
en só moet hulle mooi wees.

11Wanneer die gemeente bymekaar is, dan moet ’n vrou stil en gehoorsaam wees, sy
moet altyd luister na wat die leiers in die gemeente sê.

12Ek wil nie hê dat ’n vrou vir ander mense moet leer nie en sy moenie vir ’n man sê
wat hy moet doen nie. Nee, sy moet stil wees.

13Want God het eerste vir Adam gemaak, daarna het Hy vir Eva gemaak.

14Die slang het nie vir Adam verlei nie, die slang het die vrou verlei. En toe het sy
verkeerd gedoen.

15Maar die Here sal vroue beskerm wanneer hulle kinders kry, vroue wat aanhou glo
en lief is vir mense, vroue wat hulleself aan die Here wy en wat nederig is.

1 Timoteus 3

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die ouderlinge

1Wat ek nou wil sê, is waar: Wanneer iemand baie graag ’n ouderling in die gemeente wil wees, dan wil hy ’n goeie werk doen.

2Daarom moet ’n ouderling heeltemal reg lewe. Hy moet net een vrou hê. Hy moet reg kan besluit, hy moet weet hoe om reg te lewe, hy moet mooi maniere hê, hy moet goed wees vir vreemdelinge, hy moet vir mense kan leer.

3’n Ouderling moenie te veel drink en dan dronk word nie, en hy moenie gou kwaad word nie. Nee, hy moet vriendelik en geduldig wees en hy moenie daarvan hou om te baklei nie. Hy moet ook nie lief wees vir geld nie.

4Hy moet ’n goeie pa wees vir sy huisgesin en hy moet só lewe dat sy kinders hom respekteer en altyd gehoorsaam kan wees aan hom.

5Want as iemand nie weet hoe om ’n goeie pa te wees vir sy eie huisgesin nie, dan sal hy ook nie kan sorg vir God se gemeente nie.

6’n Ouderling moenie iemand wees wat kort gelede ’n gelowige geword het nie. As hy nog nie lank ’n gelowige is nie, dan sal hy miskien hoogmoedig word, en dan sal God hom straf soos God die duiwel straf.

7’n Ouderling moet reg lewe, sodat die mense wat nie gelowiges is nie, hom ook sal respekteer. Hulle moet weet dat hy nie slegte dinge doen nie, dan sal die duiwel hom nie in sy vangnet kan vang nie.

Die diakens

8Die diakens moet ook mense wees wat reg lewe, soos die ouderlinge. Hulle moenie skynheilig wees nie, hulle moenie te veel wyn drink nie, en hulle moenie altyd meer goed wil hê nie.

9Hulle moet ook vas glo in die dinge wat God vir ons gewys het toe Hy vir Christus gestuur het. En hulle moet weet wat is reg en wat is verkeerd.

10Die ander gelowiges moet eers goed kyk hoe die mense lewe wat diakens wil word. As niemand oor hulle kan praat en sê dat hulle verkeerde dinge doen nie, dan mag hulle diakens word.

11Vroue wat in die gemeente wil werk, moet ook mense wees wat reg lewe. Hulle moenie oor ander gelowiges skinder nie. Hulle moet reg kan besluit en almal moet weet dat hulle altyd sal doen wat hulle belowe het.

12’n Diaken moet net een vrou hê. Diakens moet goeie pa’s wees vir hulle kinders, hulle moet goed regeer oor almal in hulle eie huisgesinne.

13Die gemeente respekteer ’n diaken wat sy werk goed doen. ’n Diaken wat sy werk goed doen, sal ook nie bang wees om vir ander mense te vertel wat hy alles glo oor Christus Jesus nie.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Hoekom Paulus dit alles skryf

14-15Timoteus, ek hoop om gou na jou toe te kom. Maar miskien kan ek nie dadelik kom nie, daarom skryf ek hierdie dinge vir jou, sodat jy kan weet hoe ’n mens moet lewe in die huisgesin van God, dit is die kerk van die God wat lewe. Die kerk is soos ’n pilaar of ’n fondament, die waarheid staan vas daarop.

16Ek wil reguit sê: Ons het nie geweet hoe om God te dien nie, maar God het vir ons kom sê hoe om dit te doen, en dit is wonderlik. God het ’n mens geword, Hy was Christus, die Heilige Gees het gewys wie Christus waarlik is, engele het vir Christus gesien, mense het vir die volke vertel van Hom. Oral in die wêreld het mense in Hom geglo, God het vir Christus opgeneem na die hemel en God het Hom Koning laat word.

1 Timoteus 4

Pasop vir mense wat verkeerde dinge leer

1Maar die Heilige Gees sê baie duidelik dat party mense in hierdie laaste dae van die wêreld sal ophou glo. Dit sal gebeur omdat hulle luister na bose geeste wat vir hulle verlei, en hulle doen dinge wat duiwels vir hulle leer.

2Die mense wat daardie dinge vir die gelowiges leer, is skynheilig en hulle vertel leuens. Hulle wil nie weet wat reg is en wat verkeerd is nie.

3Hierdie mense sê mense moenie trou nie en hulle moenie party soorte kos eet nie. Maar God het al die soorte kos gemaak sodat mense die kos mag eet en vir Hom dankie kan sê daarvoor. Dit is die mense wat in Christus glo en wat weet dat die boodskap van Christus waar is.

4Elke ding wat God gemaak het, is goed, en as mense vir God dankie sê vir die kos wat hulle van Hom kry, dan mag hulle al die soorte kos eet.

5Al die dinge wat God gemaak het, is goed. God het dit self gesê. En as julle vir Hom dankie sê vir die kos wat van Hom kom, dan is die kos goed.

Timoteus moet reg lewe, sy lewe moet ’n voorbeeld wees

6Jy moet aanhou om vir die gelowiges te sê hulle moet die dinge onthou wat ek nou vir jou geskryf het. Dan sal jy ’n goeie dienaar van Christus Jesus wees omdat jy aanhou om te luister na die boodskap oor die geloof wat jy geleer het. Die boodskap is waar, en jy het begin lewe soos jy geleer het.

7Daar is mense wat niks van God weet nie, mense wat self stories maak en vertel, stories wat niks beteken nie. Jy moenie na hulle stories luister nie. Jy moet oefen om God altyd beter te dien.

© Bible Society of South Africa.

8Wanneer ’n mens jou liggaam oefen, dan help dit ’n bietjie. Maar wanneer ’n mens oefen om vir God beter te dien, dan help dit heeltemal, want God belowe om vir ’n mens die ewige lewe te gee, nou en in die tyd wat later kom.

9Wat ek nou gesê het, is waar, en jy kan dit glo.

10Daarom werk ons baie hard. Ons weet dat die God wat lewe, vir ons sal help, en ons weet dat Hy sal doen wat Hy belowe het. Hy wil al die mense red, spesiaal die mense wat in Hom glo.

11Jy moet aanhou om hierdie dinge vir die mense te sê en om dit vir hulle te leer.

12Jy is jonk, maar niemand moet dink daarom is jy nie belangrik nie. Nee, jy moet vir die gelowiges wys hoe hulle moet lewe. Jy moet dit vir hulle wys met wat jy sê en met jou mooi lewe. Jy moet wys dat jy lief is vir mense, en jy moet aanhou glo en jy moet heeltemal reg lewe.

13Jy moet aanhou om vir die gemeente te lees uit die Bybel. Jy moet aanhou om vir hulle te sê hoe hulle moet lewe en jy moet aanhou om vir hulle te leer. Jy moet dit doen totdat ek kom.

14Jy moet aanhou om die genadegawe te gebruik wat jy gekry het. Die Here het hierdie genadegawe vir jou gegee. Die profete het dit gesê, en die ouderlinge het hulle hande op jou gesit.

15Jy moet aanhou om hierdie dinge te doen, jy moet so lewe dat almal kan sien dat jy meer en meer glo.

16Jy moet baie goed dink en versigtig wees oor hoe jy lewe en wat jy vir die mense leer. Jy moet aanhou om reg te lewe en om vir die mense reg te leer, want as jy hierdie dinge doen, dan sal jy jouself red en ook die mense wat luister na jou.

1 Timoteus 5

Ouer mense en jonger mense in die gemeente

1Jy moenie kwaai praat met ’n man wat baie ouer as jy is nie. Jy moet vir hom sê hoe hy moet lewe, maar jy moet met hom praat soos jy met jou pa praat. Jy moet met die jonger mans praat soos jy met jou broers praat.

2Jy moet ook met ouer vroue praat soos jy met jou ma praat. Wanneer jy met jonger vroue praat, dan moet jy met hulle praat soos jy met jou susters praat, jy moenie aan onsedelike dinge dink nie.

Die weduwees

3Daar is weduwees wat nie familie het wat vir hulle kan sorg nie. Jy moet hulle respekteer en vir hulle sorg.

© Bible Society of South Africa.

4Maar wanneer ’n weduwee kinders of kleinkinders het wat vir haar kan sorg, dan moet die kinders of kleinkinders weet dat sy hulle eie familie is en dat hulle vir haar moet sorg. So moet hulle vir God dien. Hulle moet vir hulle ouers en grootouers sorg soos hulle ouers voorheen vir húlle gesorg het. Dit is wat God wil hê hulle moet doen.

5Maar wanneer ’n weduwee alleen oorgebly het en sy het nie familie wat vir haar kan sorg nie, dan kan sy seker weet dat God vir haar sal sorg. Sy sê elke dag en nag vir God wat sy nodig het en sy bid tot Hom.

6Maar ’n weduwee wat altyd dink oor hoe sy die lewe kan geniet, is geestelik dood terwyl sy lewe.

7Jy moet aanhou om hierdie dinge vir die mense te sê, sodat almal heeltemal reg sal lewe.

8Maar wanneer iemand nie vir sy eie mense sorg nie, ook nie vir sy eie huisgesin nie, dan is hy nie meer ’n gelowige nie, dan is hy slegter as die mense wat nie in Christus glo nie.

9Wanneer ’n weduwee 60 jaar oud is, dan mag julle haar naam op die lys van weduwees skryf, maar nie voordat sy 60 jaar oud is nie. En sy moet net een man gehad het.

10Die ander mense moet mooi dinge oor hierdie weduwee kan vertel. Mense moet weet en sê dat sy haar kinders goed grootgemaak het, dat sy goed was vir vreemdelinge, dat sy die voete van ander gelowiges gewas het, dat sy mense gehelp het wat swaargekry het, dat sy baie dinge gedoen het wat goed is.

11Maar jy moenie die jonger weduwees se name op die lys van weduwees skryf nie, want wanneer hulle aan mans dink, dan vergeet hulle miskien dat hulle vir Christus moet werk, en dan wil hulle graag weer trou.

12Dan is hulle skuldig, want hulle doen nie wat hulle vir Christus belowe het nie.

13Hulle leer ook om nie te werk nie, hulle kuier by al die huise. Hulle doen niks, hulle skinder en hulle is nuuskierig oor ander mense, en hulle praat oor dinge waaroor ’n mens nie moet praat nie.

14Ek wil hê die jonger weduwees moet trou en hulle moet kinders kry en goed sorg vir hulle huisgesinne. Dan sal ons vyande nie slegte dinge van ons kan sê nie.

15Party weduwees het klaar begin doen wat die Satan wil hê.

16As ’n vrou wat in Christus glo, weduwees in haar familie het, dan moet sy vir hulle sorg. Sy moenie dink dat die gemeente vir daardie weduwees moet sorg nie. Die gemeente kan dan sorg vir die weduwees wat nie familie het nie.

Die ouderlinge

© Bible Society of South Africa.

17Daar is ouderlinge wat goeie leiers is. Die gelowiges moet hulle respekteer en beloon, spesiaal die ouderlinge wat baie hard werk en preek en vir die mense leer.

18Want in die Ou Testament is geskryf: “Jy mag nie ’n bees se bek toebind wanneer hy op die dorsvloer werk nie.” En daar is ook geskryf: Wanneer iemand werk, dan moet jy hom beloon.

19Julle moenie luister na iemand wat sê dat ’n ouderling verkeerde dinge gedoen het nie, maar wanneer daar twee of drie getuies is, dan moet julle na so iemand luister.

20Wanneer ouderlinge aanhou om sonde te doen, dan moet jy voor die hele gemeente sê dat hulle dinge doen wat verkeerd is. Jy moet dit doen sodat die ander ouderlinge ook bang kan word.

21Ek waarsku jou ernstig. God en Christus Jesus en God se engele wat Hy gekies het om Hom te dien, hoor wat ek sê: Wanneer jy met die gemeente oor hierdie dinge praat, dan moet jy nie voor die tyd besluit wie is reg en wie is verkeerd nie, jy moet ook nie besluit om een persoon meer te help as ’n ander persoon nie.

22Jy moenie te gou besluit om iemand te kies om ’n ouderling te wees en om jou hande op hom te sit nie, want as hy miskien sonde gedoen het, dan sal God vir jou ook straf saam met hom. Jy self moet heeltemal reg lewe.

23Jy moenie aanhou om net water te drink nie. Jy moet ook ’n bietjie wyn drink vir jou maag, want jy is baie maal siek.

24’n Mens kan party mense se sondes maklik sien, jy weet dat God hulle sal oordeel. Maar ander mense se sondes sien jy later.

25So kan ’n mens ook baie maklik sien dat party mense goeie dinge doen. En as ’n mens dit nie nou kan sien nie, dan sal jy dit later sien.

1 Timoteus 6

Slawe

1Almal wat slawe is en wat ’n juk moet dra, moet hulle eienaars respekteer. Die slawe moet dit doen sodat ander mense nie sleg praat van die Naam van God en van die dinge wat ons vir die mense geleer het nie.

2Maar party slawe se eienaars glo in Christus, en daardie slawe moenie dink dat hulle eienaars onbelangrik is omdat die eienaars ook gelowiges is soos die slawe nie. Nee, daardie slawe moet nóg harder werk, want hulle werk vir mense wat ook in Christus glo, en God is lief vir daardie mense.

Pasop vir vals profete

Jy moet aanhou om hierdie dinge vir die mense te leer. Jy moet sê dat hulle dit moet doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Daar is vals profete wat vir die gelowiges ander dinge wil leer. Die vals profete glo nie die woorde van ons Here Jesus Christus nie. Hy het vir ons die regte dinge geleer. Die vals profete glo ook nie die mense wat vir ons leer hoe om vir God te dien nie.

4Die mense wat vir die gelowiges ander dinge wil leer, is hoogmoedig, maar hulle weet niks. Hulle is soos mense wie se gees siek is. Hulle wil altyd met ander mense twis en oor woorde stry. Dan word mense jaloers, hulle stry met mekaar, hulle sê slegte dinge van ander mense en hulle dink slegte dinge van ander mense.

5Hierdie vals profete hou aan om te stry. Hulle kan nie meer reg dink nie, hulle weet nie meer wat die waarheid is nie. Hulle dink dat hulle ryk sal word as hulle vir God dien.

Geld maak ’n mens nie waarlik ryk nie

6Maar wanneer ’n mens vir God dien en jy is ook tevrede met wat jy het, dan het jy baie.

7Want ons het niks ingebring in die wêreld nie, en ons kan ook niks uitneem uit die wêreld nie.

8Daarom moet ons tevrede wees wanneer ons kos en klere het.

9Wanneer mense baie graag ryk wil word, dan doen hulle maklik sonde. Hulle sit soos ’n voël vas in ’n vangstrik. Hulle is dwase wat dinge wil hê wat nie goed is vir hulle nie. Hulle sterf en is soos ’n skip wat in die water sink, daar bly niks oor van hulle nie.

10Wanneer mense lief is vir geld, dan doen hulle baie slegte dinge. Mense wat graag baie geld wou hê, het opgehou om in Christus te glo. So het hulle hulleself baie swaar laat kry.

Paulus wil vir Timoteus bemoedig

11Maar Timoteus, jy behoort aan God. Daarom moet jy wegvlug van hierdie verkeerde dinge. Jy moet aanhou probeer om dinge te doen wat reg is. Jy moet probeer om vir God te dien, om in Christus te glo, om lief te wees vir mense, om aan te hou om dit te doen en om iemand met ’n sagte hart te wees.

12Dit is nie maklik om in Christus te glo nie, dit is soos wanneer iemand hardloop in ’n moeilike resies. Jy moet aanhou om hard te probeer in hierdie resies wat jy hardloop. Jy moet hard probeer om die prys te kry, die prys is die ewige lewe. God het jou geroep om die ewige lewe te kry toe jy reguit gesê het dat jy in Christus glo, baie mense het gehoor toe jy dit gesê het.

13God laat alles lewe, en Christus Jesus het voor Pontius Pilatus reguit gesê wat die waarheid is en wie Hy is. God en Christus Jesus hoor wanneer ek vir jou sê:

14Jy moet presies doen wat ek vir jou gesê het en jy moet heeltemal reg lewe. Jy moet dit doen totdat ons Here Jesus Christus weer sal kom.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Hy sal op die regte tyd kom. God sal dit laat gebeur. Ons moet God prys, dit is net
Hy wat regeer. Hy is die Koning van die konings, Hy is die Here van almal wat regeer.

16Dit is net Hy wat nooit sterf nie, Hy woon in ’n lig wat so blink dat niemand naby
Hom kan kom nie. Niemand het vir God gesien nie, nooit nie, en niemand kán Hom
sien nie. Ons bid dat die mense altyd vir God sal eer, God wat altyd sterk is. Amen.

Hoe ryk Christene moet lewe

17Daar is mense wat nou ryk is in hierdie wêreld. Jy moet vir hulle sê hulle moenie
hoogmoedig wees nie. En hulle moenie dink dat geld en rykdom hulle altyd sal help
nie. ’n Mens kan nooit seker wees dat jy altyd ryk sal wees nie. Nee, hulle moet seker
weet dat God vir ons alles sal gee wat ons nodig het. Ja, Hy gee vir ons nog meer
sodat ons dit kan geniet.

18Die ryk mense moet goeie dinge doen, ja, hulle moet baie goeie dinge doen. Dit is
hoe hulle ryk moet wees. Hulle moet baie graag van hulle eie goed vir ander mense
gee.

19Wanneer hulle dit doen, dan maak hulle vir hulle goed bymekaar wat later soos ’n
vaste fondament sal wees. Hulle moet dit alles doen sodat hulle die ware lewe kan
kry.

Paulus se laaste woorde aan Timoteus

20Timoteus, God het baie dinge vir jou gegee, jy moet dit goed oppas, en jy moenie
luister na die stories van mense wat niks weet van God nie. Hulle praat baie, maar
die dinge wat hulle sê, beteken niks. Hulle stry altyd met mekaar en hulle sê hulle
weet die regte dinge, maar dit is nie waar nie.

21Die mense wat hierdie dinge sê, het opgehou om te glo. Ek bid dat God genadig sal
wees vir julle.

© Bible Society of South Africa.

2 Timoteus

2 Timoteus 1

Paulus groet vir Timoteus

1 Ek, Paulus, is ’n apostel van Christus Jesus omdat God dit besluit het. God het my
gestuur om die goeie boodskap te bring dat Hy aan mense die ewige lewe wil gee,
aan die mense wat aan Christus Jesus behoort.

2 Ek, Paulus, skryf hierdie brief vir jou, Timoteus. Jy is vir my soos my kind, ek is lief vir
jou. Ek bid dat God die Vader en Christus Jesus ons Here genadig sal wees vir jou en
dat Hy goed sal wees vir jou wanneer jy swaarkry. Ek bid ook dat Hy vir jou vrede sal
gee.

Paulus sê dankie

3 Ek dien God soos my voorouers Hom ook gedien het. Ek weet wat is reg en wat is
verkeerd, ek het niks gedoen wat verkeerd is nie. Ek bid gedurig tot God, elke dag en
nag, en wanneer ek dit doen, dan dink ek aan jou en dan sê ek vir God dankie vir jou.

4 Ek onthou hoe hartseer jy was en ek wil jou graag weer sien, want dan sal ek baie
bly wees.

5 Ek onthou dat jy waarlik in Christus glo. Jou ouma Loïs en jou ma Eunice het ook in
Christus geglo. Ek is baie seker dat jy nou ook in Christus glo, soos hulle.

Paulus sê vir Timoteus hy moet sterk wees en nie moedeloos word nie

6 Daarom sê ek jy moet onthou dat God ’n genadegawe vir jou gegee het. Hy het dit
vir jou gegee toe ek my hande op jou gesit het. Jy moet onthou om daardie
genadegawe altyd weer lewendig te laat word, soos ’n vuur wat weer lewendig word
wanneer jy dit blaas.

7 God het die Heilige Gees vir ons gegee, en daarom is ons nie bang nie. Nee, die
Heilige Gees maak ons sterk en help ons om lief te wees vir mense en om reg te
besluit wat ons moet doen.

8 Jy moenie skaam wees om vir mense te vertel van ons Here nie. En ook, jy moenie
skaam wees oor my wat in die tronk is omdat ek aan die Here behoort nie. Nee, jy
moet saam met my swaarkry wanneer jy die goeie boodskap vir mense bring, want
God sal vir jou die krag gee om dit te doen.

9 Toe God ons gered en gekies het, het Hy ons gewy om aan Hom te behoort. Hy het
dit gedoen, maar nie omdat óns iets gedoen het nie. Nee, Hy het ons gered omdat
Hy self besluit het om genadig te wees vir ons. Voordat die tyd begin het, het God
besluit dat ons aan Christus Jesus moet behoort.

10 En nou het God dit vir ons gewys sodat ons dit self kon sien. Christus Jesus het
gekom, Hy is die Een wat ons red. Hy het die dood heeltemal oorwin toe Hy die goeie

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

boodskap gebring het, die goeie boodskap wat duidelik vir ons wys wat die lewe is wat nooit sal ophou nie.

11God het my gekies en aangestel om hierdie goeie boodskap te gaan preek en om ’n apostel te wees en vir die gelowiges te leer.

12Dit is hoekom ek nou swaarkry. Maar ek is nie skaam daaroor nie, want ek weet in wie ek geglo het en nog altyd glo, en ek is baie seker dat God die krag het om dit wat Hy vir my gegee het, goed op te pas tot op daardie dag wanneer Christus weer kom.

13Jy het gehoor hoe ek vir mense die regte dinge geleer het. Dit moet vir jou ’n voorbeeld wees hoe jy vir mense moet leer, en jy moet aanhou om in Christus Jesus te glo en om lief te wees vir mense.

14God het vir jou dinge gegee wat baie goed is, jy moet dit goed oppas. Die Heilige Gees wat in ons woon, sal jou help om dit te doen.

Mense wat saam met Paulus gewerk het

15Jy weet dat niemand wat van Asië gekom het, my wou help nie, ook nie Figelus en Hermogenes nie.

16Ek bid dat die Here baie goed sal wees vir die huisgesin van Onesiforus, want hy het baie maal vir my gesê om sterk te wees en nie moedeloos te word nie. Hy was ook nie skaam oor my omdat ek in die tronk was nie.

17Nee, toe hy in die stad Rome aangekom het, het hy oral vir my gesoek en gesoek, en hy het my gekry!

18Ek bid dat die Here, wanneer Hy weer kom, goed sal wees vir Onesiforus. En jy weet baie goed hoe baie dinge Onesiforus vir my gedoen het in die stad Efese.

2 Timoteus 2

Timoteus moet soos Jesus Christus doen

1Timoteus, jy wat vir my soos my kind is, jy moet nou sterk wees, jy moet onthou dat jy aan Christus Jesus behoort en dat Hy genadig wil wees vir jou.

2Jy het saam met baie ander getuies gehoor wat ek vir mense geleer het. Jy moet hierdie dinge vertel vir mense wat sal doen wat hulle belowe het, mense wat die dinge ook vir ander mense sal kan leer.

3Jy moet soos ’n goeie soldaat van Christus Jesus ook swaarkry saam met die ander gelowiges.

4’n Soldaat wat besig is om sy werk te doen en wat wil hê dat sy offisier tevrede moet wees met hom, moenie ook ander werk wil doen nie.

5Dit is soos wanneer iemand deelneem aan ’n atletiekbyeenkoms. Hy moet gehoorsaam wees aan al die reëls, anders kan hy nie wen nie.

© Bible Society of South Africa.

6Die boer wat hard gewerk het, moet die eerste persoon wees wat mag eet van die koring of die vrugte.

7Jy moet goed dink oor wat ek vir jou sê, want die Here sal jou help om dit alles goed te verstaan.

Jy moet altyd aan Jesus Christus dink

8Jy moet altyd aan Jesus Christus dink. Hy was van die nageslag van Dawid, en God het Hom weer laat lewe. Dit is die goeie boodskap wat ek preek.

9En omdat ek hierdie goeie boodskap preek, het die mense my laat swaarkry en hulle het my soos ’n skelm toegesluit in die tronk. Maar hulle kan nie die boodskap van God in die tronk toesluit en dit keer nie.

10Daarom is ek tevrede en hou ek aan om te doen wat ek moet doen. God het mense gekies, en ek doen dit vir daardie mense. Ek wil hê dat Christus Jesus ook vir hulle moet red en dat hulle vir altyd by God kan wees, God wat Koning is.

11Wat ek nou wil sê, is waar: Christus het gesterf, en ons het saam met Hom gesterf. God het vir Christus weer laat lewe, daarom sal ons ook saam met Christus lewe.

12As ons aanhou om in Christus te glo, dan sal ons ook saam met Hom regeer soos konings. As ons nie vir mense wil sê dat ons aan Christus behoort nie, dan sal Christus sê dat ons nie aan Hom behoort nie.

13As ons ontrou is, dan sal Christus nog altyd doen wat Hy belowe het, want Hy kan nie anders wees as wat Hy is nie.

Timoteus moet sy werk goed doen

14Jy moet aanhou om hierdie dinge vir die gelowiges te sê. Jy moet hulle ernstig waarsku, jy moet vir hulle sê dat God hoor wat jy sê. Jy moet hulle waarsku dat hulle nie met mekaar moet baklei oor woorde nie. Dit help niks wanneer mense so stry nie, en dit is sleg vir die mense wat hoor hoe hulle stry.

15Jy moet hard probeer om God só te dien dat Hy tevrede sal wees met jou werk. Jy moet só werk dat jy nie skaam sal wees daaroor nie. Jy moet op die regte manier vir die mense vertel van die waarheid.

16Jy moenie luister na die stories van mense wat niks weet van God nie. Mense wat daardie dinge sê, sal meer en meer verkeerde dinge doen.

17En die dinge wat hulle sê, sal verder en verder groei, soos kanker. Himeneus en Filetus het ook dieselfde dinge gesê.

18Hulle het gesê dat God die mense wat dood is, klaar weer laat lewe het. So het hulle opgehou om die waarheid te vertel en hulle het party mense laat ophou glo in Christus.

© Bible Society of South Africa.

19Maar God het ’n fondament gebou wat vas staan. Daar is op die fondament geskryf: Die Here ken die mense wat aan Hom behoort en Elkeen wat die Naam van die Here gebruik en tot Hom bid, moet ophou om verkeerde dinge te doen.

20In ’n groot huis is daar borde en bakke van goud en silwer, maar daar is ook dinge van hout en klei. ’n Mens gebruik party dinge wanneer daar ’n spesiale fees is, en ’n mens gebruik party dinge elke dag.

21’n Mens moet jouself reinig van al die verkeerde dinge, jy moet wegbly van die verkeerde dinge. Dan sal jy wees soos ’n spesiale bord of bak. Jy sal dan gewy wees, en jou Eienaar sal jou goed kan gebruik, want jy sal dan enige iets kan doen wat goed is.

22Daarom, jy moet wegvlug van die verkeerde dinge wat jongmense graag wil doen. Jy moet aanhou probeer om te doen wat reg is, jy moet in Christus glo, jy moet lief wees vir mense en jy moet in vrede lewe met ander mense. Jy moet dit doen saam met die mense wat net die Here dien.

23Jy moenie soos party ander mense stry oor dwase dinge nie. Die mense wat nog niks geleer het nie, doen dit. Jy weet dat hierdie dinge mense laat baklei.

24’n Dienaar van die Here moenie twis met ander mense nie, hy moet vriendelik wees met almal. Die dienaar moet vir ander mense kan leer en hy moet geduldig wees, ook wanneer hy swaarkry.

25As mense vir die gelowiges ander dinge leer as wat die dienaar van die Here vir hulle leer, dan moet die dienaar vir hulle sê dat hulle verkeerd is, maar hy moet dit mooi vir hulle sê. Miskien sal God hulle harte verander sodat hulle sal lewe soos Hy wil hê en sodat hulle die waarheid sal leer ken.

26 Die duiwel het hierdie mense gevang om te doen wat hy wil hê. Miskien sal hulle weer reg kan dink en kan loskom uit die duiwel se vangstrik.

2 Timoteus 3

Daar sal tye kom wanneer mense sal swaarkry

1Maar jy moet weet dat dit sleg sal gaan in hierdie laaste dae van die wêreld.

2Mense sal selfsugtig wees en hulle sal baie lief wees vir geld. Hulle sal lief wees om te spog en hulle sal hoogmoedig wees. Hulle sal slegte dinge sê van ander mense, hulle sal ongehoorsaam wees aan hulle ouers en hulle sal ondankbaar wees. Hulle sal nie vir God wil dien nie,

3hulle sal vir niemand lief wees nie en hulle sal met niemand vrede wil maak nie. Hulle sal slegte dinge sê van ander mense, hulle sal doen wat hulle wil doen, hulle sal wild wees, hulle sal niks wil doen wat goed is nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

4Hulle sal verraaiers wees, hulle sal nie dink voordat hulle iets doen nie, hulle sal dink hulle is wonderlike mense, hulle sal lief wees om te doen wat vir hulle lekker is, hulle sal nie lief wees vir God nie.

5Dit sal miskien lyk of hierdie mense vir God dien, maar hulle sal nie lewe soos mense wat vir God dien nie. Jy moet wegbly van daardie mense.

6Want dit is daardie soort mense wat vals is wanneer hulle in huise inkom en wat dan die vroue alles laat glo wat hulle vir hulle leer, die vroue wat graag enige iets glo. Dit is vroue wat baie sonde gedoen het en wat altyd graag baie meer dinge wil hê.

7Hierdie vroue wil altyd meer leer, maar hulle weet nooit wat die waarheid van God is nie.

8Die mense wat vir die vroue leer, probeer keer dat hulle die waarheid hoor, soos Jannes en Jambres vir Moses probeer keer het. Hulle is mense wat nie meer reg kan dink nie, hulle geloof beteken niks.

9Maar hulle is dwase en hulle sal nie kan doen wat hulle wil doen nie. Almal sal kan sien dat hulle dwaas is, soos almal ook gesien het dat Jannes en Jambres dwaas is.

Paulus is ’n voorbeeld vir Timoteus

10Maar jy het begin om te doen wat ek doen, want jy leer vir die mense en jy lewe soos ek, jy maak dieselfde planne wat ek maak, jy glo soos ek, jy is geduldig, jy is lief vir mense en jy hou aan om te doen wat jy moet doen.

11Jy doen dit ook wanneer mense jou verdruk en jou laat swaarkry. Dieselfde het met my gebeur in die stede Antiogië, Ikonium en Listra. Ek het op baie maniere swaargekry, en die Here het my uit al my probleme gered.

12Al die mense wat aan Christus Jesus behoort en wat wil lewe soos God wil hê, sal swaarkry,

13en mense wat sleg is en wat ander mense bedrieg, sal nog slegter word. Hulle sal ander mense verlei, en ander mense sal húlle verlei.

14Maar jy, Timoteus, jy moet aanhou om die dinge te glo wat jy geleer het, dinge wat jy weet is waar, want jy weet wie dit vir jou geleer het.

15Jy ken die Ou Testament vandat jy ’n kind was en jy het daaruit geleer dat die Here ’n mens red as hy in Christus Jesus glo.

16Die hele Ou Testament kom van God, en ’n mens kan dit gebruik om vir mense te leer, om hulle te waarsku, om vir hulle te sê dat hulle verkeerd doen en dat hulle reg moet lewe.

17As jy dit doen, dan sal iemand wat aan God behoort, baie goed weet om elke goeie ding te kan doen.

© Bible Society of South Africa.

2 Timoteus 4

Paulus sê hoe Timoteus sy werk moet doen

1Christus Jesus kom weer. Hy sal vir almal wys dat Hy Koning is en Hy sal die
mense oordeel, die mense wat nog lewe en die mense wat klaar gesterf het.
Daarom sê ek vir jou, en God en Christus Jesus hoor wat ek vir jou sê:

2Jy moet die boodskap vir mense bring, jy moet aanhou om dit te doen, wanneer
mense dit wil hoor en ook wanneer hulle dit nie wil hoor nie. Jy moet vir hulle sê wat
hulle verkeerd doen, jy moet kwaai praat met hulle wanneer hulle verkeerde dinge
doen, jy moet vir hulle sê hulle moenie moedeloos word nie, jy moet baie geduldig
wees en vir hulle leer.

3Want die tyd sal kom wanneer mense nie sal wil luister wanneer iemand vir hulle
die regte dinge leer nie. Nee, hulle sal net die dinge wil hoor wat hulle wil hoor.
Daarom sal hulle baie mense kies wat vir hulle leer soos húlle dit wil hê.

4Dan sal hulle nie meer luister na die waarheid nie, hulle sal luister na stories wat nie
waar is nie.

5Maar jy, Timoteus, jy moet altyd goed dink wat jy doen, jy moet aanhou, ook
wanneer dit sleg gaan met jou. Dit is jou werk om die goeie boodskap vir mense te
bring, en jy moet dit doen, jy moet al die werk klaarmaak wat die Here vir jou gegee
het.

Paulus se dood is naby

6My tyd om te sterf, is nou baie naby. Ek is soos ’n drank-offer wanneer iemand dit
uitgooi.

7Dit is nie maklik om in Christus te glo nie, dit is soos wanneer iemand boks of
wanneer hy resies hardloop. Ek het die resies klaar gehardloop, ek het aangehou om
te glo.

8Nou weet ek dat ek eendag die lourier-krans sal kry. Die Here besluit reg, Hy sal op
daardie dag die kransie vir my gee. Hy is die Regter wat altyd reg besluit. Hy sal die
kransie nie net vir my gee nie, Hy sal dit gee vir almal wat lief is vir Hom, vir almal
wat wag dat Hy sal verskyn.

Paulus vra vir Timoteus om iets vir hom te doen

9Timoteus, jy moet hard probeer om gou na my toe te kom,

10want Demas het my alleen gelos. Hy het besluit dat hierdie wêreld vir hom die
belangrikste is en hy het na die stad Tessalonika gegaan. Kressens het na die land
Galasië gegaan en Titus het na die land Dalmasië gegaan.

11Dit is net Lukas wat nou by my is. Jy moet vir Markus gaan haal en jy moet hom
saam met jou bring, want hy kan my baie goed help om my werk te doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

12Ek het vir Tigikus na die stad Efese gestuur.

13Wanneer jy kom, dan moet jy die bo-kleed vir my saambring, ek het dit in Troas by Karpus gelos. Jy moet ook die boeke bring, die boekrolle van vel is die belangrikste wat jy moet saambring.

14Aleksander, die ambagsman wat met koper werk, het baie slegte dinge aan my gedoen. Die Here sal hom oordeel oor wat hy gedoen het.

15Pasop vir hom, want hy het altyd baie hard teen my gewerk en probeer keer dat mense glo wat ek sê.

16Toe ek die eerste maal in die hof gekom het omdat mense my beskuldig het, het niemand my gehelp nie, almal het my alleen gelos. Ek hoop dat die Here hulle nie sal straf nie.

17Maar die Here het my gehelp, Hy het my sterk gemaak. Daarom kon ek die goeie boodskap klaar bring en al die heidene kon dit hoor. Die Here het my gered van my vyande soos ’n mens iemand red van ’n leeu.

18En die Here sal my ook altyd red wanneer mense my wil laat swaarkry. Hy sal my veilig na die hemel bring waar Hy Koning is. Daarom moet ons die Here prys, altyd en altyd. Amen.

Paulus stuur groete vir die mense in Efese

19Sê groete vir Priska en Akwila en die huisgesin van Onesiforus.

20Erastus het in die stad Korinte gebly. Ek het vir Trofimus in die stad Milete gelos, hy was siek.

21Jy moet gou na my toe kom, voor die winter. Eubulus, Pudens, Linos, Claudia en al die ander vriende stuur groete vir jou.

22Ek bid dat die Here by jou sal wees. Ek bid dat die Here genadig sal wees vir julle.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Titus

Titus 1

Paulus groet vir Titus

1Ek, Paulus, is ’n dienaar van God en ’n apostel van Jesus Christus. God het mense gekies om aan Hom te behoort en Hy het my gestuur om daardie mense te help sodat hulle geloof meer kan word, sodat hulle kan weet wat die waarheid is en sodat hulle vir God reg kan dien.

2Ek is ’n apostel sodat hulle seker kan weet dat God die ewige lewe vir hulle sal gee. God het dit belowe voordat die tyd begin het, en Hy lieg nie.

3God, ons Redder, het op die regte tyd sy boodskap gestuur en Hy het vir my gesê ek moet die boodskap vir mense bring.

4Ek, Paulus, skryf hierdie brief vir jou, Titus. Jy is vir my soos my eie kind, omdat ons saam in Christus glo. Ek bid dat God die Vader en Christus Jesus ons Redder genadig sal wees vir jou en dat Hy ook vir jou vrede sal gee.

Wat Titus op Kreta moet doen

5Weet jy hoekom ek gesê het jy moet op die eiland Kreta bly? Dit is sodat jy al die dinge kan doen wat ek nie gedoen het nie. Jy moet ook in elke stad ouderlinge kies en aanstel. Ek het vir jou gesê hoe jy dit moet doen.

6Niemand moet oor hulle kan praat en sê dat ’n ouderling verkeerde dinge doen nie. ’n Ouderling moet net een vrou hê, en sy kinders moet gelowiges wees. Mense moenie oor hulle kan praat en sê dat die kinders wild lewe en verkeerde en slegte dinge doen en ongehoorsaam is nie.

7’n Ouderling werk vir God, daarom moet niemand oor hom kan praat en sê dat hy verkeerde dinge doen nie. Hy moenie dink dat hy beter is as ander mense nie, hy moenie gou kwaad word nie, hy moenie te veel drink en dan dronk word nie, hy moenie daarvan hou om te baklei nie, en hy moenie altyd meer goed wil hê nie.

8Nee, hy moet goed wees vir vreemdelinge, hy moet daarvan hou om goeie dinge te doen, hy moet weet hoe om reg te lewe, hy moet doen wat reg is, hy moet aan God gewy wees en hy moenie sy humeur verloor en kwaad word nie.

9’n Ouderling moet aanhou om die boodskap te glo, die boodskap wat waar is en wat dieselfde is as die boodskap wat die apostels vir hom geleer het. Dan sal hy vir mense kan bemoedig. En wanneer mense ander dinge sê as die dinge wat ons vir hulle geleer het, dan sal hy ook vir hulle kan sê dat hulle verkeerd is.

Pasop vir mense wat verkeerde dinge sê

© Bible Society of South Africa.

10Daar is baie mense wat opstandig is, hulle praat oor dinge wat niks beteken nie en
hulle wil hê die mense moet dit glo. Baie van die mense wat so praat, is Jode wat nou
in Christus glo.

11Jy moet hulle keer sodat hulle nie daardie verkeerde stories vertel nie. Want
wanneer hulle vir mense dinge leer wat hulle nie vir hulle moet leer nie, dan maak
hulle die mense in party huisgesinne heeltemal deurmekaar, mense wat in Christus
glo. Hulle doen hierdie dinge om geld te kry, en dit is ’n skande.

12Een van die mense van Kreta het soos ’n profeet gepraat. Hy het gesê: Die mense
van Kreta lieg altyd, hulle is soos gevaarlike diere, hulle wil altyd eet en hulle is lui.

13Hierdie man het die waarheid gepraat. Daarom moet jy reguit vir hulle sê dat hulle
dinge doen wat verkeerd is. Jy moet dit doen sodat hulle die regte dinge kan glo.

14Hulle moet ophou om te luister na die Jode se stories wat nie waar is nie. Hulle
moet ook nie luister na ander mense wat vir hulle sê wat hulle moet doen nie. Hulle
moet ophou om te luister na daardie mense, want dit is mense wat self nie meer wil
luister na die waarheid nie.

15Alles is rein vir mense wat net vir God dien. Maar party mense dink verkeerde
dinge, hulle gedagtes is vuil van die sonde, en hulle glo nie in Christus nie, niks is rein
vir hulle nie. Hulle kan nie reg dink nie en hulle weet nie wat is reg of verkeerd nie,
want die sonde het alles wat hulle dink, vuil laat word.

16Hulle sê vir almal dat hulle vir God ken, maar die dinge wat hulle doen, wys dat
hulle nie vir Hom ken nie. God haat daardie mense, want hulle luister nie na Hom nie
en hulle kan nie iets doen wat goed is nie.

Titus 2

Hoe verskillende groepe mense die Here moet dien

1Titus, jy moet vir die mense die dinge leer wat pas by die goeie dinge wat óns vir die
mense geleer het.

2Jy moet vir die ouer mans sê hulle moet reg besluit, hulle moet reg lewe, hulle moet
weet hoe om reg te lewe. Hulle moet geestelik sterk en gesond wees, hulle moet
aanhou om in Christus te glo, hulle moet lief wees vir mense, hulle moenie ophou
om dit te doen nie.

3Jy moet ook vir die ouer vroue sê hulle moet lewe soos mense wat aan die Here
behoort. Hulle moenie skinder oor ander mense nie en hulle moenie te veel wyn
drink nie, hulle moet goeie dinge vir die mense leer.

4Dan kan hulle vir die jonger vroue leer om lief te wees vir hulle mans en hulle
kinders.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

5Die jonger vroue moet weet hoe om reg te lewe en hulle moet heeltemal reg lewe. Hulle moet goed sorg vir hulle huisgesinne en hulle moet gehoorsaam wees aan hulle mans. Dan sal ander mense nie sleg kan praat oor die boodskap van God nie.

6-7Jy moet vir die jonger mans sê hulle moet altyd weet hoe om reg te lewe. Jy self moet goeie dinge doen, sodat jy 'n voorbeeld kan wees vir hulle. Jy moet eerlik wees wanneer jy vir die mense leer, sodat hulle jou kan respekteer.

8Jy moet vir die mense reg leer, niemand moet daaroor kan praat en sê dit is verkeerd nie. Dan sal ons vyande skaam word en hulle sal nie slegte dinge oor ons kan sê nie.

9Jy moet vir slawe sê dat hulle alles moet doen wat hulle eienaars wil hê, hulle moet goed werk sodat hulle eienaars tevrede sal wees. En die slawe moenie kla wanneer die eienaars iets vir hulle sê nie.

10Die slawe moenie skelm wees en van hulle eienaars se geld vat nie. Nee, hulle moet vir hulle eienaars wys dat hulle altyd eerlik is. Hulle moet goeie slawe wees, hulle moet so goed wees dat al die mense sal sê die dinge is mooi, die dinge wat ons vir hulle geleer het van God, ons Redder.

God is baie goed vir ons

11Almal moet reg lewe, want God het vir ons kom wys dat Hy genadig is en dat Hy al die mense wil red.

12Hy leer vir ons om die verkeerde dinge te los en ook die dinge van die wêreld wat ons graag wil doen. Hy leer vir ons om verstandig en regverdig te lewe. Ja, dan sal ons kan lewe soos God wil hê dat mense in hierdie wêreld moet lewe.

13Ons doen dit terwyl ons wag en ons is bly dat ons seker kan weet dat ons Groot God en ons Redder, Jesus Christus, weer sal kom, Jesus Christus wat Koning is.

14Jesus Christus het gesterf. Óns moes gesterf het, maar Hý het gesterf, en so het Hy ons vrygemaak van al die dinge wat teen God se wette is. Hy het gesterf om ons rein te maak, sodat ons sy eie volk kan wees, 'n volk wat baie graag goeie dinge wil doen.

15Jy moet hierdie dinge vir die mense vertel. Jy moet vir hulle sê wat hulle moet doen en jy moet ook vir hulle sê dat hulle dinge doen wat verkeerd is. Jy moet dit vir hulle sê omdat God gesê het jy moet dit doen. Niemand moet dink dat jy onbelangrik is nie.

Titus 3

Hoe mense moet lewe wat in Christus glo

1Jy moet vir die gelowiges sê dat hulle moet onthou om te luister na almal wat oor hulle regeer, hulle moet gehoorsaam wees. Hulle moet altyd gereed wees om goeie dinge te doen.

© Bible Society of South Africa.

2Hulle moenie slegte dinge sê oor iemand nie en hulle moenie daarvan hou om te baklei nie. Hulle moet vriendelik wees en hulle harte moet vol liefde wees vir al die mense.

3Want voorheen was ons self ook dwaas en ongehoorsaam aan God. Mense het ons maklik verlei. Ons was slawe van baie dinge wat ons graag wou doen, dinge wat lekker is. Ons het lelike dinge gedoen en ons was jaloers op ander mense. Almal het ons gehaat, en ons het mekaar gehaat.

4Maar God wat vir ons gered het, het toe vir ons kom wys dat Hy baie goed en lief is vir mense.

5Hy het ons gered, maar Hy het dit nie gedoen omdat óns goeie dinge gedoen het nie. Nee, God het ons gered omdat Hy jammer was vir ons. Hoe het Hy ons gered? Hy het die Heilige Gees gestuur om ons sondes af te was. Hy het ons gemaak soos nuwe mense, Hy het ons gemaak soos mense wat weer gebore is.

6God het vir Jesus Christus, ons Redder, gestuur om die Heilige Gees vir ons te gee, sodat die Heilige Gees heeltemal oor ons sal regeer.

7God het ons vrygespreek, Hy was genadig vir ons, daarom kan ons weet en seker wees dat ons die ewige lewe sal kry wat God vir ons belowe het.

8Wat ek nou gesê het, is waar. Ek wil hê jy moet vir die mense wat in God glo, duidelik sê dat hulle hard moet probeer om goeie dinge te doen. Al hierdie dinge is mooi en goed vir die mense.

9Julle moenie soos dwase met ander mense stry en spog oor wie julle voorouers was nie. Julle moet ook nie oor wette twis nie, want wanneer julle dit doen, sal julle niemand help nie, dit beteken niks.

10Wanneer iemand mense laat twis met mekaar, dan moet jy vir hom sê hy moet ophou om dit te doen, en as hy nie luister nie, dan moet jy dit weer vir hom sê. As hy dán ook nie luister nie, dan moet jy hom heeltemal los.

11Jy weet dat iemand wat nie wil luister nie, heeltemal deurmekaar is. Sy sondes wys dat hy skuldig is wanneer God hom oordeel.

Paulus stuur groete en sê wat Titus moet doen

12Wanneer ek vir Artemas of Tigikus na jou toe stuur, dan moet jy hard probeer om na my toe te kom in die stad Nikopolis. Ek het besluit om die hele winter daar te bly.

13Jy moet hard probeer om vir Senas, die wetgeleerde, en Apollos te help met alles wat hulle moet hê wanneer hulle weggaan. Hulle moet genoeg van alles hê.

14Ons eie mense moet ook leer dat hulle moet aanhou om goed te werk, sodat almal genoeg kan hê om te lewe. Dan sal ons mense vir ander mense help.

© Bible Society of South Africa.

15 Almal wat by my is, stuur groete vir jou. Sê groete vir die gelowiges wat lief is vir ons. Ek bid dat God genadig sal wees vir julle almal.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Filemon

Filemon 1

Paulus en Timoteus groet vir Filemon en die mense by hom

1 Ek, Paulus, is nou in die tronk omdat ek aan Christus Jesus behoort. Ek en ons vriend
Timoteus skryf hierdie brief vir jou, Filemon. Jy werk saam met ons vir God, en ons is
lief vir jou.

2 Ons skryf ook vir Affia. Sy glo saam met ons in Christus. Ons skryf ook vir Argippus
wat baie hard saam met ons gewerk het. Ons skryf ook vir die gemeente wat in jou
huis bymekaarkom.

3 Ons bid dat God ons Vader en die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle en
dat Hy vir julle vrede sal gee.

Paulus sê vir God dankie oor Filemon se liefde en geloof

4 Ek sê vir my God elke maal dankie wanneer ek bid en aan jou dink,

5 want ons het gehoor dat jy lief is vir al die mense wat aan God behoort en dat jy in
die Here Jesus glo.

6 Ek bid dat mense wat nie glo nie, ook die goeie dinge sal leer ken wat Christus vir
ons gegee het, vir ons wat aan Christus behoort. Dan sal hulle ook in Christus glo,
soos jy.

7 Liewe vriend, jou liefde vir mense het my baie bly gemaak en het my gehelp om nie
moedeloos te word nie, want jy het die mense wat aan God behoort,
weer bemoedig.

Paulus vra vir Filemon om die slaaf Onesimus te aanvaar

8 Daarom is ek nie bang om vir jou te sê wat Christus wil hê jy moet doen nie.

9 Maar jy glo ook in Christus, en ek is lief vir jou. Daarom wil ek vir jou mooi vra. Ek,
Paulus, vra dit, ek wat ’n ou man is en wat in die tronk is omdat ek aan Christus Jesus
behoort.

10 Ek vra vir jou mooi om vir Onesimus te help. Hy is soos my eie kind, want terwyl ek
in die tronk was, het ek vir hom soos ’n pa geword toe ek vir hom die goeie boodskap
van Christus Jesus gebring het.

11 Voorheen het Onesimus nie vir jou gehelp nie, maar nou kan hy vir jou en vir my
help.

12 Ek het hom na jou toe gestuur, hy is vir my baie kosbaar.

13 Ek wou hom by my hou sodat hy vir my kon help. Jy kan nie vir my help nie, want
ek is in die tronk omdat ek vir mense die goeie boodskap gebring het.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

14Maar ek wou niks doen nie, ek wou weet dat jy ook dink dit is reg. Dan kon jy ’n goeie ding doen, nie omdat iemand gesê het jy moet dit doen nie, maar omdat jy self lus was om dit te doen.

15Want miskien is dit hoekom Onesimus ’n kort tyd weg was van jou. Hy was weg sodat jy hom vir altyd kan terugkry.

16En nou kry jy hom terug, en hy is nie meer ’n slaaf nie, hy is nou iemand wat meer is as ’n slaaf. Ja, hy is ’n vriend, ek is baie lief vir hom. Maar jy is baie meer lief vir hom, want hy is nog jou slaaf en hy behoort nou ook aan die Here.

17Wanneer jy aan my gedink het, dan het jy altyd geweet dat ek saam met jou vir die Here werk. Daarom moet jy vir Onesimus aanvaar soos jy vir my aanvaar het.

18Maar as hy iets verkeerd gedoen het teen jou of as hy iets vir jou skuld, dan moet jy dit vir my sê. Dan skuld ek dit vir jou.

19Ek, Paulus, skryf nou met my eie hand: Ek belowe dat ek alles sal terugbetaal wat jy verloor het. Maar jy moet onthou dat jy vir my ook iets skuld, jy is ’n gelowige omdat ek die goeie boodskap vir jou gebring het.

20Ja, my vriend, jy moet dit asseblief vir my doen omdat jy ook aan die Here behoort, jy moet my bly maak omdat jy ook aan Christus behoort.

21Ek skryf vir jou omdat ek seker is dat jy sal doen wat ek vra. Ek weet dat jy meer sal doen as wat ek vir jou vra.

22Ek wil vir jou nog iets vra: Maak asseblief vir my ’n kamer gereed, want ek hoop en weet dat God my na julle toe sal laat teruggaan omdat julle vir my gebid het.

Die einde van die brief

23Epafras wat saam met my in die tronk is omdat hy aan Christus Jesus behoort, stuur groete vir jou.

24 Markus, Aristargus, Demas en Lukas werk almal saam met my en stuur ook groete vir jou.

25Ek bid dat die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle almal.

© Bible Society of South Africa.

Hebreërs

Hebreërs 1

God stuur sy Seun na ons toe om met ons te praat

1 God het lank gelede baie maal en op baie maniere gepraat met ons voorouers. Hy
het verskillende profete na hulle toe gestuur.

2 Maar nou aan die einde van hierdie tyd het God sy Seun gestuur. Só het God met
ons gepraat. God het besluit dat die Seun alles moet erf, want God en die Seun het
die hemel en die aarde gemaak.

3 Die Seun wys dat God die Koning is, en die Seun is presies soos God. Wanneer die
Seun sê dat iets moet gebeur, dan gebeur dit. Hy laat alles gebeur. Hy het die
mense gereinig van hulle sondes, en Hy het gaan sit op die belangrikste plek langs
die Koning in die hemel.

4 Die Seun het belangriker geword as die engele. Daarom het God vir Hom ’n Naam
gegee wat belangriker is as die naam van die engele.

Die Seun van God is baie belangriker as die engele

5 Die Seun van God is belangriker as die engele, want God het nooit vir een van die
engele hierdie woorde gesê nie: Jy is my Seun, Ek is van vandag af jou Vader. En ook
nie: Ek sal vir Hom soos ’n pa wees en Hy sal vir My soos ’n seun wees.

6 God het ook gepraat toe Hy die Seun, wat belangriker is as almal, ingebring het in
die hemel, die hemel wat nie verander nie en wat altyd daar sal wees. God het gesê:
Al die engele van God moet Hom aanbid.

7 God sê van die engele: God stuur sy engele soos Hy die winde stuur, die weerlig
werk vir Hom.

8 Maar God sê oor die Seun: U, o God, sal altyd Koning bly, U is regverdig wanneer U
oor mense regeer.

9 U was lief vir wat reg is en U het gehaat wat verkeerd is. Daarom, o God, het u God
vir U gesalf en Hy het vir U meer vreugde gegee as vir ander konings.

10 En God het ook gesê: U, o Here, het lank gelede die aarde vas laat staan, U het self
die hemel gemaak.

11 Die aarde en die hemel sal verdwyn, maar U sal altyd daar wees. Hulle sal word
soos ou klere,

12 en U sal hulle opvou soos klere, soos wanneer ’n mens ou klere uittrek en nuwe
klere aantrek. Maar U bly altyd dieselfde, en U lewe vir altyd.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Ja, God het nooit vir een van die engele hierdie woorde gesê nie: Sit hier langs My, op die belangrikste plek, Ek sal jou vyande voor jou laat buig, en jy sal jou voete op hulle sit.

14Nee, Hy het dit nie vir die engele gesê nie. Want hulle is almal geeste wat vir God werk, en Hy stuur hulle om die mense te help, want God wil die mense red.

Hebreërs 2

Ons moet luister na die Seun se boodskap

1Daarom moet ons baie meer luister na die dinge wat die Seun vir ons kom sê het. Ons moet dit doen sodat ons nie word soos ’n skip wat by die hawe verbydryf nie.

2Want die boodskap wat die engele vir ons voorouers gebring het, was die waarheid. Daarom het die Here elke mens gestraf wat verkeerd gedoen het en wat nie gedoen het wat Hy gesê het nie.

3Ons sal ook nie kan vlug wanneer God ons straf omdat ons nie wil hê dat Hy ons moet red nie. God het ons op ’n wonderlike manier gered. Hy het dit in die begin self vir ons vertel, en die mense wat dit gehoor het, het ook vir ons vertel dat die Here ons wil red en dat dit seker is.

4God het ook saam met die mense getuig toe Hy wondertekens en tekens en baie wonderwerke gedoen het. God het ook getuig toe Hy self die Heilige Gees gegee het vir mense. Hy het besluit wat Hy vir elkeen wil gee.

Jesus was vir ’n kort tydjie minder belangrik as die engele

5God het nie gesê dat die engele moet regeer oor die nuwe wêreld wat kom nie, die wêreld waaroor ons praat.

6Maar iemand het in die Ou Testament ’n belangrike ding gesê en gevra: Hoekom dink U aan mense? Hoekom sorg U vir iemand wat net ’n mens is?

7U het die mens vir ’n kort tydjie minder belangrik gemaak as engele, maar U het vir die mens eer gegee en U het hom belangrik gemaak.

8U laat hom regeer oor alles wat U gemaak het. Toe God gesê het dat die mense kan regeer oor alles wat Hy gemaak het, het God niks gelos waaroor die mense nie kon regeer nie. Maar ons sien nog nie dat die mense oor alles regeer nie.

9Nee, ons sien vir Jesus, en God het Hom vir ’n kort tydjie minder belangrik gemaak as die engele. Maar Jesus het baie swaar gekry en Hy het gesterf, daarom het God vir Hom eer gegee en God het Hom belangrik gemaak. Jesus het gesterf sodat elke mens kan lewe omdat God baie goed is vir mense.

Jesus is die ware mens

10God het alles gemaak, en alles is daar om Hom te eer, Hy wou baie mense na Hom, die Koning, bring. Daarom moes Hy vir Jesus baie swaar laat kry en Hy moes vir Jesus

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

laat sterf. Jesus moes sy werk heeltemal klaar doen en Hy moes die Leier word wat mense red.

11Ja, Jesus wy mense om aan Hom te behoort, en die mense wat Hy wy, het almal dieselfde Vader. Daarom is Jesus nie skaam om hulle broer te wees nie.

12Want Jesus sê: Ek sal vir my vriende vertel wat U gedoen het, Ek sal U prys daar waar hulle bymekaar is.

13En Jesus sê ook: Ek sal aanhou om op Hom te vertrou, en Hier is Ek en die kinders wat God vir My gegee het.

14Hierdie kinders was regte mense, en daarom het Jesus ook ’n regte mens geword, soos hulle. Jesus was ’n mens sodat Hy kon sterf en so kon Hy die krag heeltemal wegvat van die een wat sterker is as die dood, dit is die duiwel.

15Jesus het ’n mens geword sodat Hy al die mense vry kon maak wat hulle hele lewe lank soos slawe was omdat hulle bang was om te sterf.

16Want dit is seker: Jesus is nie bekommerd oor die engele nie, Hy is bekommerd oor die nageslag van Abraham.

17Daarom moes Hy in alles word soos sy broers, sodat Hy goed kan wees vir hulle en ’n Hoëpriester kan wees wat sy werk goed doen. Sy werk is om te doen wat God wil hê en om die sondes van die volk te versoen.

18Jesus het self baie swaar gekry, en die duiwel het probeer om Hom te verlei, daarom kan Hy mense help wanneer die duiwel hulle ook wil verlei.

Hebreërs 3

Jesus is belangriker as Moses

1My vriende wat saam met my aan Christus behoort, God het vir julle ook gekies, en daarom moet julle onthou dat ons wat glo, sê dat Jesus ons Apostel en Hoëpriester is.

2Jesus het alles goed gedoen wat God gesê het Hy moet doen, soos Moses ook alles goed gedoen het vir almal wat aan God behoort.

3Want God het geweet dat Jesus belangriker is as Moses, en so is die een wat ’n huis bou, ook belangriker as die huis wat hy gebou het.

4Want dit is ’n mens wat ’n huis bou, maar dit is God wat alles gemaak het wat daar is.

5Dit is waar dat Moses alles goed gedoen het vir almal wat aan God behoort. Moses het alles gedoen soos iemand wat vir ander mense werk. Hy het dit gedoen sodat hy vir hulle kon vertel van al die dinge wat God later vir hulle sal sê.

© Bible Society of South Africa.

6Maar Christus is anders as Moses, Christus is God se Seun, en Hy het alles gedoen vir almal wat aan God behoort. En ons behoort aan God as ons nie bang is nie en as ons aanhou glo. Ons is baie seker van die dinge wat ons glo.

Julle moet oppas dat julle nie ophou om te glo nie

7Daarom, die Heilige Gees sê: Vandag, wanneer julle luister na wat God sê,

8dan moet julle nie hardkoppig wees nie, soos toe julle opstandig was teen God op die dag toe julle vir Hom in die woestyn getoets het.

9-10Julle voorvaders het daar 40 jaar lank gesien wat Ek gedoen het, maar hulle het My getoets, hulle wou kyk of Ek hulle sal straf. Daarom was Ek kwaad vir daardie geslag en Ek het gesê: “Hulle is mense wat nooit weet wat hulle doen nie, hulle wil nie lewe soos Ek wil hê nie.”

11Ek was kwaad en Ek het gesê: “So seker soos Ek lewe, hulle sal nie kom in die land waar Ek hulle veilig wou laat woon en laat rus nie.”

12My vriende, daarom moet julle oppas dat nie een van julle so sleg en opstandig word dat julle ophou om te glo in die God wat lewe nie.

13Maar julle moet mekaar help om reg te lewe, sodat niemand van julle hardkoppig word omdat die sonde hom verlei nie. Julle moet dit doen elke dag wat julle lewe, elke dag wanneer julle kan sê dit is nog “vandag.”

14Want ons is Christus se vriende en ons werk saam met Hom as ons tot aan die einde aanhou om vas te hou aan die dinge wat ons in die begin geglo het.

15Dit is soos die Ou Testament sê: Vandag, wanneer julle luister na wat God sê, dan moet julle nie so hardkoppig wees soos toe julle opstandig was teen God nie.

16Wie is daardie mense wat gehoor het wat God gesê het, maar wat opstandig was? Dit is al die mense wat saam met Moses uit die land Egipte getrek het, dit is seker.

17Vir wie was God 40 jaar lank kwaad? Hy was kwaad vir die mense wat sonde gedoen het, daardie mense se dooie liggame het in die woestyn gelê.

18God het gesê: “ So seker soos Ek lewe, hulle sal nie kom in die land waar Ek hulle veilig wou laat woon en laat rus nie.” Vir wie het God dit gesê? Hy het dit gesê vir die mense wat nie geluister het na Hom nie.

19Daarom sien ons dat hulle nie kon ingaan in die land nie omdat hulle nie in God geglo het nie.

Hebreërs 4

Die rus wat God gee

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]God het belowe dat Hy sy volk sal laat kom in die land waar hulle veilig kan woon en kan rus, en hierdie belofte is nou nog waar. Daarom moet ons oppas, God sal miskien sê dat party van julle nie in die land sal kom waar ons veilig kan woon en kan rus nie.

[2]Want ons het ook die goeie boodskap gehoor soos daardie mense wat uit Egipte gekom het, dit gehoor het. Maar die boodskap wat hulle gehoor het, het hulle nie gehelp nie omdat hulle nie geglo het nie.

[3]Want ons wat glo, gaan in die land in waar ons veilig kan woon en kan rus. Die Here het gesê: Ek was kwaad en Ek het gesê: So seker soos Ek lewe, hulle sal nie kom in die land waar Ek hulle veilig wou laat woon en laat rus nie. God het dit nie gesê omdat Hy nie vir hulle rus kan gee nie. God kan vir mense rus gee, Hy rus self vandat Hy die wêreld gemaak het.

[4]Want God het gepraat oor die sewende dag en Hy het gesê: " God het op die sewende dag gerus, Hy het nie gewerk nie."

[5]En ons lees ook dat God sê: " Hulle sal nie kom in die land waar Ek hulle veilig wou laat woon en laat rus nie."

[6]Die mense wat voorheen die goeie boodskap gehoor het dat God vir hulle rus sal gee, het nie ingegaan in die plek waar hulle kan rus soos God vir hulle belowe het nie. Hulle het nie ingegaan nie omdat hulle ongehoorsaam was. Maar party mense sal kan ingaan in die plek waar hulle veilig kan wees en kan rus, soos God belowe het.

[7]Daarom het God besluit dat daar weer 'n dag sal wees wat Hy "Vandag" noem. Dit het gebeur toe Dawid lank hierna gepraat het oor die dinge waaroor ek nou geskryf het. Dawid het gesê: Vandag, wanneer julle luister na wat God sê, dan moet julle nie hardkoppig wees nie.

[8]Want as Josua die volk gebring het in 'n land waar hulle veilig kan woon en kan rus, dan sou God nie later gepraat het van 'n ander dag nie.

[9]Daarom sal die volk van God nog kom in die land waar hulle veilig kan woon en kan rus, soos hulle op die Sabbatdag rus.

[10]Want wanneer God iemand laat rus, dan werk die persoon nie meer nie, soos God gerus het toe Hy klaar gewerk het.

[11]Daarom moet ons hard probeer om daardie rus by God te kry, sodat niemand van ons so ongehoorsaam sal wees soos Israel was nie.

[12]Want die boodskap van God is nie woorde wat dood is en niks beteken nie, dit kan werk en dinge doen. Dit is skerper as die skerpste swaard, dit kan diep oopsny, tot by 'n mens se lewe en gees, tot by sy murg en die bene in sy liggaam. Dit kan sien wat is reg en wat is verkeerd wanneer 'n mens dink en graag dinge wil doen.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13 En God kan almal en alles sien, niemand kan iets wegsteek vir Hom nie, Hy sien
alles presies soos dit is. Ons moet vir God alles verduidelik wat ons gedoen het.

Jesus is die groot Hoëpriester wat baie jammer is vir ons

14 Jesus wat die Seun van God is, het gegaan tot by God in die hoogste hemel, en
Jesus is nou ons groot Hoëpriester. Daarom moet ons aanhou om die dinge te glo
wat ons weet is waar.

15 Want ons het ’n Hoëpriester wat presies weet hoe dit voel om so swak te wees
soos ons. Die duiwel het op baie maniere hard probeer om vir Jesus te verlei, soos
hy ook vir ons probeer verlei. Maar Jesus het nie sonde gedoen nie.

16 Daarom moet ons nie bang wees om tot God te bid nie, God wat op sy troon sit,
God wat genadig is. Ons moet na Hom toe gaan sodat Hy jammer kan wees vir ons
en genadig kan wees vir ons, en sodat Hy vir ons kan help wanneer ons Hom nodig
het.

Hebreërs 5

1 Wanneer God mense kies en aanstel om hoëpriesters te wees, dan is dit altyd húlle
wat God se werk moet doen. Hulle moet dan presente en offers bring omdat mense
sondes doen.

2 So ’n hoëpriester kan geduldig wees met die mense wat verkeerde dinge doen
omdat hulle nie geweet het dat dit verkeerd is nie. Die hoëpriester doen dit omdat
hy self ook ’n swak mens is.

3 Daarom moet die hoëpriester ook vir sy eie sondes offers bring, soos hy vir die volk
se sondes offers bring.

4 ’n Hoëpriester kry eer, maar niemand kan self kies om hoëpriester te wees nie.
Nee, dit is God wat sê dat daardie persoon hoëpriester moet wees, soos God dit ook
vir Aäron gesê het.

5 So het die Christus ook nie self gekies om eer te kry en om Hoëpriester te wees nie.
Nee, God het vir Hom die eer gegee, God het vir Hom gesê: Jy is my Seun, Ek is van
vandag af jou Vader.

6 So sê God ook: Jy self sal altyd ’n priester wees, soos Melgisedek ’n priester was.

7 Terwyl Jesus op die aarde gelewe het, het Hy tot God gebid en Hy het gesoebat, ja,
Hy het geskree en gehuil. Hy het dit gedoen soos wanneer iemand offers bring vir
God. Hy het dit gedoen omdat God vir Hom kan red van die dood. God het geluister
na Jesus omdat Jesus vir God geëer het.

8 Dit is waar dat Jesus die Seun van God is, maar Hy het geleer om gehoorsaam te
wees toe Hy so swaar gekry het en gesterf het.

© Bible Society of South Africa.

9 En toe Jesus gely het en gereed was om Hoëpriester te wees voor God, het Jesus vir altyd die Redder geword van almal wat luister na Hom.

10 Jesus kon dit doen omdat God gesê het dat Jesus ’n hoëpriester moet wees soos Melgisedek.

Julle moenie ophou om in Christus te glo nie

11 Ons kan baie dinge vir julle hieroor vertel. Maar dit is moeilik om dit vir julle te verduidelik, omdat julle nie gou verstaan nie.

12 Julle moes nou al klaar leermeesters gewees het, maar julle is nie. Iemand moet nou weer vir júlle leer. Iemand anders moet vir julle wéér die dinge leer wat ’n mens eerste leer wanneer jy God se boodskap hoor. Julle is nou soos mense wat weer melk moet drink en wat nog nie ander kos kan eet nie.

13 Want elkeen wat nog melk drink, is soos ’n klein babatjie. Hy het nog nie geleer wat is reg of wat is verkeerd nie.

14 Maar grootmense eet ander kos. Hulle is mense wat baie maal ge-oefen het om te besluit wat is reg en wat is verkeerd. Daarom weet hulle wat is reg en wat is verkeerd.

Hebreërs 6

1 Daarom moet ons nie ophou by die dinge wat ons in die begin oor Christus geleer het nie. Nee, ons geloof moet aanhou groei en ons moet grootmense word in die geloof. Ons moenie weer van onder begin bou soos wanneer ’n mens ’n gebou se fondament bou nie. Ons bou weer van onder wanneer ons weer daaroor begin praat dat mense moet ophou om die dinge te doen wat ’n mens doodmaak. Ons bou ook weer van onder wanneer ons sê dat mense in God moet begin glo,

2 of wanneer ons vir mense leer hoe om mense te was om hulle rein te maak, of wanneer ons vir mense leer hoe om die hande op iemand te sit, of wanneer ons vir mense leer dat God die mense wat gesterf het, weer sal laat lewe, en dat Hy sal oordeel oor die mense, dat Hy die mense wat verkeerd gedoen het, vir altyd sal straf.

3 Ons sal grootmense in die geloof word, as God dit wil hê.

4-6 Want as mense weggedraai het van God, dan kan ons hulle nie laat terugdraai na Hom toe nie. Want God het sy lig oor hulle laat skyn, en hulle het gevoel hoe goed die dinge is wat God gee. God het die Heilige Gees vir daardie mense gegee. Hulle is ook mense wat gevoel het dat die boodskap van God goed is en hulle voel nou al klaar dat God sterk is, God wat nou en later sal regeer. Wanneer hierdie mense weggedraai het van God, dan kan ons hulle nie weer laat terugdraai na God toe nie, want hulle kruisig weer die Seun van God, hulle word weer skuldig, en hulle maak sy Naam sleg by die mense.

© Bible Society of South Africa.

7Want wanneer grond baie reën kry en die reën sak diep in die grond, dan groei daar plante in die grond, en die mense wat in die grond werk, kan dit gebruik. Dan seën God die grond.

8Maar as daar dorings en onkruid groei, dan beteken dit niks, en dan is die tyd naby wanneer God dit sal vervloek. Aan die einde sal vuur die grond en alles daarop verwoes.

9My vriende, dit is waar dat ons nou al hierdie dinge gesê het, maar ons is baie seker dat dit baie beter gaan met julle en dat God julle sal red.

10Want God doen nie verkeerd nie, Hy sal nie die dinge vergeet wat julle gedoen het nie, en Hy sal nie vergeet hoe lief julle vir Hom was en hoe julle vir die gelowiges gesorg het en nou nog sorg nie.

11Maar ons wil baie graag hê dat elkeen van julle altyd hard moet probeer om tot die einde te wys dat julle baie seker is van die dinge wat julle weet en hoop.

12Julle moet dit doen, julle moenie lui wees in die geloof nie, julle moet doen soos die mense wat gekry het wat God belowe het. Hulle het dit gekry omdat hulle in God geglo het en omdat hulle geduldig gewag het.

God sal gee wat Hy belowe het, dit is seker

13Daar is niemand wat belangriker is as God nie. Toe Hy vir Abraham ’n belofte gemaak het, het God nie gesê dat iemand sy getuie is nie. God was sy eie getuie toe Hy vir Abraham belowe het

14en gesê het: “ So seker soos Ek lewe, Ek sal jou baie seën, Ek sal jou nageslag baie maak.”

15En so het Abraham geduldig gewag vir die dinge wat God belowe het, en daarna het die dinge met hom gebeur wat God belowe het.

16Want wanneer mense iets belowe, dan sê hulle gewoonlik iemand is die getuie, en die getuie is belangriker as hulleself. Hierdie belofte wys dan dat dit waar is wat hulle sê, en niemand kan dan nog daaroor stry nie.

17God wou baie graag wys dat die dinge wat Hy wil doen, nie kan verander nie. Hy wou dit wys vir die mense wat alles sal kry wat Hy belowe het. Daarom was God sy eie getuie om te wys dat die dinge wat Hy belowe het, seker is.

18God het dinge belowe en Hy is sy eie getuie, en hierdie twee dinge kan nie verander nie omdat God nie kan lieg nie. Ons het na God toe gevlug. Daarom kan ons baie seker wees dat die dinge nog sal gebeur, en ons kan hoop en wag daarvoor.

19Ons hoop en ons wag vir die dinge wat sal gebeur, daarom is ons lewe veilig en daarom kan ons vas glo. Dit is soos ’n anker wat keer sodat ’n skip nie wegdryf nie.

© Bible Society of South Africa.

Ons hoop en ons is seker dat Jesus ons anker is, Jesus wat agter die gordyn in die tempel ingaan.

20Jesus is ons Leier en Hy het voor ons daar ingegaan om ons te help. Hy het dit gedoen omdat Hy vir altyd Hoëpriester geword het, soos Melgisedek hoëpriester was.

Hebreërs 7

Melgisedek was belangriker as die Levi-priesters

1Hierdie man Melgisedek was koning van die stad Salem. Hy was ’n priester van die Hoogste God. Melgisedek het vir Abraham ontmoet toe Abraham teruggekom het nadat hy die konings oorwin het. En Melgisedek het vir Abraham geseën.

2Abraham het ook vir Melgisedek een tiende gegee van alles wat hy teruggebring het. Melgisedek se naam beteken “die koning wat dinge doen wat reg is.” Die naam Melgisedek kan ook beteken “koning van Salem.” Omdat Salem “vrede” beteken, beteken sy naam daarom ook “die koning wat vrede maak.”

3Ons lees nie van Melgisedek se pa of ma nie, daar is ook nie ’n lys van die name van Melgisedek se voorouers nie, ons lees ook nie van die begin of van die einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly vir altyd ’n priester.

4Julle moet goed verstaan hoe belangrik hierdie Melgisedek was. Ons voorvader Abraham het een tiende van die beste van alles wat hy in die oorlog gevat het, vir Melgisedek gegee.

5Die Wette van Moses sê dat die mense wat van die nageslag van Levi is, priesters mag wees, en hulle mag tiendes neem van die volk. Die volk is die Leviete se broers en die volk is die nageslag van Abraham, maar die Leviete kon tiendes neem van die volk.

6Maar Melgisedek was nie een van die Levi-priesters nie, en hy het ’n tiende van Abraham geneem. God het vir Abraham goeie dinge belowe, en Melgisedek het vir Abraham geseën.

7Almal weet dat ’n mens wat belangrik is, die minder belangrike mens seën.

8Die Levi-priesters ontvang tiendes en hulle is mense wat sal sterf. Maar Melgisedek ontvang ook tiendes, en die Ou Testament sê dat hy aangehou het om te lewe.

9’n Mens kan miskien sê die nageslag van Levi wat tiendes ontvang, het ook vir Melgisedek tiendes gegee toe Abraham vir Melgisedek ontmoet het en vir hom ’n tiende gegee het.

10Want Levi was toe nog in sy voorvader Abraham se liggaam toe Melgisedek vir Abraham ontmoet het.

© Bible Society of South Africa.

Jesus is vir altyd ’n priester soos Melgisedek

11Die volk het die Wette van Moses ontvang om vir hulle te vertel van die werk van die priesters van die nageslag van Levi. As dit waar is dat hierdie priesters van die nageslag van Levi hulle werk heeltemal klaar gedoen het, hoekom moes daar ’n ander priester kom? Hoekom moes hy ’n priester wees wat soos Melgisedek is en nie soos Aäron nie?

12Want wanneer ander mense priesters word, dan moet die wet ook verander.

13Want die Ou Testament het hierdie belofte oor hierdie ander priester gemaak, en hy was van ’n ander stam. Niemand van hierdie stam was ’n priester by die altaar nie.

14Want almal weet dat ons Here van die Juda-stam kom. Moses het niks gesê oor priesters in die Juda-stam nie.

15En wanneer daar ’n ander priester kom wat soos Melgisedek is, dan is dit nog meer duidelik

16dat hy nie ’n priester geword het soos die wette en reëls oor mense se afstammelinge sê nie. Nee, Hy het ’n priester geword omdat Hy nie kon sterf nie.

17Want in die Ou Testament is geskryf: Jy self sal altyd ’n priester wees, soos Melgisedek ’n priester was.

18Daar is nie meer priesters nie, want die wette wat voorheen daar was oor priesters, was swak en dit het nie vir die mense gehelp nie.

19Ja, die wet het niks heeltemal reg gemaak soos dit moes wees nie. Maar nou gee God vir ons iets, en ons is baie seker daarvan. Daarom kan ons nou nader kom na God toe.

20Jesus het ’n priester geword omdat God dit vir Hom belowe het. Die Levi-priesters het priesters geword, maar God het dit nie vir hulle belowe nie.

21Maar Jesus het ’n priester geword omdat God dit vir Hom belowe het, en God was self die getuie. Hy het gesê: Die Here het belowe, en dit sal so wees: Jy self sal altyd ’n priester wees.

22God het dit vir Jesus belowe, daarom het Jesus die Een geword wat borg staan vir ’n beter verbond.

23Die ou verbond en die nuwe verbond is nie dieselfde nie: Priesters het gesterf, en daar het altyd ander priesters in hulle plek gekom. Daarom was daar baie priesters in die ou verbond.

24Maar Jesus lewe vir altyd, daarom hou Hy aan om ’n priester te wees.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

25Daarom kan Jesus ook die mense heeltemal red, die mense wat Hy na God toe gelei het. Jesus kan dit doen omdat Hy vir altyd lewe om vir God te vra om hulle te help.

26Ons Hoëpriester moes só wees: Hy moes aan God gewy wees, Hy moes onskuldig en rein wees, Hy moes nie saam met sondaars gelewe het nie, Hy moes ’n plek kry bokant die hemel by God.

27Die hoëpriesters wat Leviete was, moes elke dag eers vir hulle eie sondes offers bring en daarna moes hulle vir die volk offers bring. Maar ons Hoëpriester moet dit nie doen nie, want Hy het Homself ge-offer, Hy het dit een maal en vir altyd gedoen en Hy bring nie weer offers nie.

28Want die Wette van Moses kies swak mense om hoëpriesters te wees. Maar God se belofte het ná die wet gekom, sy belofte kies die Seun van God om Hoëpriester te wees, en die Seun het die werk vir altyd klaar gedoen, die werk wat ’n Hoëpriester moet doen.

Hebreërs 8

Jesus is ons Hoëpriester

1Wat ek gesê het, beteken dit: Ons het ’n Hoëpriester, Hy het gaan sit op die belangrikste plek langs die troon van die Groot Koning in die hemel.

2Hy doen ’n priester se werk in die tempel, dit is die ware tempel-tent. Die Here het die tempel gebou, ’n mens het dit nie gedoen nie.

3Want God kies elke hoëpriester om presente en offers te bring. Daarom moes ook hierdie Hoëpriester, Jesus, iets hê om te offer.

4Hierdie Hoëpriester in die hemel sou nie ’n priester kon wees as Hy op die aarde was nie, want hier op die aarde is daar priesters wat die presente offer soos die Wette van Moses sê.

5Hulle doen die werk van priesters by ’n tempel, en die tempel lyk soos die tempel in die hemel. Toe Moses gereed was om die tempel-tent te bou, het God vir hom gesê wat hy moet doen. God het gesê: “ Kyk goed, jy moet alles maak presies soos Ek vir jou op die berg gewys het.”

6Maar nou het God hierdie Hoëpriester, Jesus, gekies en aangestel om die werk van ’n priester te doen, en sy werk is baie belangriker as die werk van die priesters op die aarde. Dit is so omdat Jesus ook die Middelaar van ’n beter verbond is. God het die nuwe verbond vir sy volk gegee toe Hy beter dinge vir hulle belowe het.

7Daar moes ’n tweede verbond kom, want die eerste verbond het nie alles gedoen wat dit moes doen nie.

© Bible Society of South Africa.

8Want God was ontevrede met sy volk, Hy het gesê: Daar sal ’n tyd kom, sê die Here, wanneer Ek ’n nuwe verbond sal maak met die mense van Israel en die mense van Juda.

9Hierdie verbond sal nie wees soos die verbond wat Ek gemaak het met hulle voorvaders nie. Ek het daardie verbond gemaak op die dag toe Ek hulle hand geneem het om hulle uit die land Egipte te bring. Maar hulle het my verbond gebreek, daarom het Ek hulle weggegooi, sê die Here.

10Want die verbond wat Ek later met die Israeliete sal maak, sal só wees, sê die Here: Ek sal my wette op hulle harte skryf en dit sal binne-in hulle wees. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.

11Hulle sal nie meer vir mekaar leer of sê: “Jy moet die Here ken” nie. Hulle almal sal My ken, onbelangrike en belangrike mense,

12want Ek sal die dinge vergewe wat hulle verkeerd gedoen het, Ek sal nie meer dink aan hulle sondes nie.

13God het gepraat van ’n “nuwe” verbond, en so het Hy gesê dat die eerste verbond nou die “ou verbond” is. Wanneer iets oud word en oud is, dan sal dit gou verdwyn.

Hebreërs 9

Die tempel-tent op die aarde

1Die eerste verbond het ook reëls gehad wat sê hoe die mense vir God moet dien, en dit het ook ’n gewyde tent hier op aarde gehad waar die mense vir God kon dien.

2Die Israeliete het die tempel-tent gebou. In die eerste kamer was die lampstaander en die tafel met die offer-brood. Hulle het die eerste kamer genoem die “ gewyde kamer.”

3Agter die tweede gordyn was die tweede kamer wat hulle die “hoog-gewyde plek” genoem het.

4In hierdie kamer was die goue wierook-altaar en die verbondskis wat hulle heeltemal oorgetrek het met goud. In die kis was die goue kruik waarin daar manna was, en die kierie van Aäron waaraan daar takkies en blare gegroei het, en die twee plat klippe van die verbond waarop die tien gebooie was.

5Op die kis was die gerubs wat wys dat God daar is. Die skaduwee van die gerubs se vlerke was oor die deksel van die kis, die plek waar God die mense se sondes versoen het. Daar is nie nou tyd om te praat oor elkeen van al hierdie dinge in die tempel-tent nie.

6Die Israeliete het al hierdie dinge so gereedgemaak. Die priesters het altyd in die eerste tent ingegaan om daar die werk van priesters te doen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Maar in die tweede tent het net die hoëpriester ingegaan, een maal elke jaar. Hy het altyd bloed saamgeneem wanneer hy daar ingegaan het, die bloed wat hy ge-offer het vir sy eie sondes en vir die sondes wat die volk gedoen het toe hulle nie geweet het dat dit sonde is nie.

8So wys die Heilige Gees dat die pad na die regte hoog-gewyde plek in die hemel nie oop is terwyl die eerste kamer nog daar is nie.

9Hierdie eerste kamer is ’n voorbeeld van die tyd wanneer mense presente en offers bring, maar die presente en offers kan nie die mense wat vir God dien, help om heeltemal te weet wat is reg en wat is verkeerd nie.

10Daardie offers was net oor reëls wat sê wat ’n mens moet doen en wat jy nie moet doen nie, dinge wat ander mense kan sien. Dit was reëls oor dinge wat mense geëet of gedrink het en oor hoe hulle mense moes was om hulle rein te maak. Maar hierdie reëls bly net daar totdat die tyd kom wanneer God alles reg en nuut sal maak.

Die tempel-tent in die hemel

11Maar Christus het gekom om Hoëpriester te wees en Hy laat goeie dinge gebeur. Hy het deur die groter en beter tempel-tent gegaan. Dit is nie mense wat hierdie tempel-tent gebou het nie, dit is God, en hierdie tempel-tent is ook nie in hierdie wêreld nie.

12Christus het net een maal en vir altyd in die hoog-gewyde kamer ingegaan en Hy sal nooit weer daar moet ingaan nie. Hy het daar ingegaan, maar nie soos die hoëpriester met die bloed van bokke en kalwers nie. Hy het gesterf en Hy het sy eie bloed daar ingeneem, en so het Hy ons vir altyd gered.

13Die priesters het op onrein mense die bloed gespat van bokke en bulle en die as van ’n vers-kalf wat heeltemal verbrand het en wat hulle in water gegooi het. Wanneer die priesters dit gedoen het, dan het dit die onrein mense gereinig en dan was hulle rein. Dan kon hulle weer in die tempel kom en vir God dien.

14Christus het ’n offer vir God geword, die Heilige Gees wat altyd lewe, het Hom gehelp om ’n offer te wees wat heeltemal gesond is. Daarom sal die bloed van Christus ons reinig, baie beter as die offers van bokke en bulle, en dan sal ons ophou om dinge te doen wat ons geestelik dood laat word, en ons sal heeltemal weet wat is reg en wat is verkeerd. Dan sal ons vir God kan dien, God wat lewe.

Jesus die Middelaar van die Nuwe Verbond

15Christus het gesterf om mense vry te maak, God het hulle nie gestraf oor die dinge wat hulle verkeerd gedoen het in die tyd van die ou verbond nie. Daarom is Hy die Middelaar van die nuwe verbond. God het mense gekies, en Christus het die nuwe verbond gebring sodat daardie mense vir altyd alles kan kry wat Hy vir hulle belowe het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

16Wanneer ’n persoon ’n testament gemaak het, dan moet die mense wat sy goed erf, eers wag tot daardie persoon dood is,

17want mense kan eers doen wat die testament sê wanneer die persoon wat dit gemaak het, dood is. ’n Testament beteken niks wanneer die persoon wat dit gemaak het, nog lewe nie.

18Daarom, toe God die eerste verbond met die volk gemaak het, was daar ook bloed.

19Want nadat Moses vir die volk vertel het van al die reëls van die wette, het hy die bloed van kalwers en bokke saam met water geneem. Hy het hisop-takkies vasgemaak met rooi wol en hy het bloed en water gespat op die boek van die wette en op die hele volk,

20en hy het gesê: “ Dit is die bloed wat wys dat God ’n verbond gemaak het met julle. God het gesê julle moet doen wat die verbond vir julle sê.”

21Moses het ook so bloed gespat op die tempel-tent en op al die dinge waarmee die priesters hulle werk gedoen het.

22Ja, die wette sê dat die priesters amper alles moet reinig met bloed. God vergewe nie sonde as daar nie bloed vloei nie.

Christus se offer neem die sondes weg

23Die dinge in die tempel-tent hier op die aarde het gelyk soos die dinge in die hemel. Daarom moes die priesters hierdie dinge op die aarde reinig met hierdie dinge waaroor ons nou gepraat het. Maar iemand moet die dinge in die hemel self reinig met beter offers, dit moet beter wees as die offers wat die aardse tempel-tent gereinig het.

24Dit is mense wat hierdie tempel-tent hier op die aarde gebou het, en hierdie tempel-tent lyk soos die ware tempel-tent in die hemel. Maar Christus het nie ingegaan in die tempel-tent op die aarde nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan. Christus het daar ingegaan om by God te wees. Christus het ingegaan om ons te help.

25Die hoëpriester gaan elke jaar in die hoog-gewyde kamer in om bloed te offer, maar hy offer nie sy eie bloed nie. Christus het in die hemel ingegaan, maar nie om baie maal te offer soos die hoëpriester nie, Hy het Homself net een maal ge-offer.

26As Christus Homself meer as een maal ge-offer het, dan moes Hy baie maal gely het vandat God die wêreld gemaak het. Nee, Christus het nou een maal verskyn aan die einde van hierdie tyd om die sondes weg te neem. Hy het Homself ge-offer om die sondes weg te neem.

27Al die mense moet een maal sterf, en daarna sal God hulle oordeel.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28So het die Christus Homself ook net een maal ge-offer om die sondes van baie mense weg te neem. Maar wanneer Hy die tweede maal verskyn, dan sal Hy nie kom om te sterf en om sonde weg te neem nie, Hy sal dan kom om die mense te red wat vir Hom wag.

Hebreërs 10

1Want die Wette van Moses is soos ’n skaduwee van die goeie dinge wat sal kom. Die wette is minder belangrik. Die wette het nie gewys dat hulle die goeie dinge self is nie. Die priesters bring elke jaar dieselfde offers, hulle hou nie op om dit te doen nie, maar hierdie offers kan nooit die mense heeltemal reinig wat na God toe kom om Hom te dien nie.

2As mense vir God offers bring en die offers reinig die mense net een maal, vir altyd, dan sal hulle weet dat daar nie meer sondes in hulle lewe is nie. En dan sal hulle ophou om offers vir God te bring.

3Maar nou laat die offers ons onthou dat ons sondes gedoen het, die offers wat die priesters elke jaar bring,

4want die bloed van bulle en bokke kan glad nie sondes wegneem nie.

5Daarom, toe Christus in die wêreld gekom het, het Hy gesê: U wou nie ’n offer en ’n present hê nie, U het my liggaam gemaak en U wil my liggaam hê.

6U het nie gevra dat ons brand-offers en sonde-offers moet bring nie.

7Toe het Ek gesê: “Kyk, Ek het gekom om te doen wat U wil hê, o God. Dit is oor My geskryf in die boek waarin u wette is.”

8Christus het eers gesê: U het nie offers en presente en brand-offers en sonde-offers gevra nie, en U wou nie al hierdie offers hê nie. Dit is die wette wat sê dat ons die offers moet bring.

9Daarna het Christus gesê: “Kyk, Ek het gekom om te doen wat U wil hê.” So stop Christus die eerste soort offer en Hy bring die tweede soort offer in daardie offers se plek.

10Daarom weet ons dat Jesus Christus gedoen het wat God wil hê. Jesus Christus het Homself net een maal, vir altyd, ge-offer. Daarom is ons aan God gewy.

11En elke priester doen elke dag sy werk en hy bring elke maal dieselfde offers. Daardie offers kan nooit die sondes wegneem nie.

12Maar nadat Jesus Christus net één offer vir die sondes gebring het, het Hy vir altyd gaan sit op die belangrikste plek langs God,

13en in die tyd wat oorbly, wag Christus daar totdat God die vyande van Christus voor Hom sal laat buig en Christus sy voete op hulle sal sit.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Want omdat Hy één offer gebring het vir almal, het Hy die mense wat aan God gewy is, heeltemal gereinig.

15Die Heilige Gees sê ook vir ons dat dit waar is:

16 Die verbond wat Ek later met die Israeliete sal maak, sal só wees, sê die Here: Ek sal my wette op hulle harte skryf en Ek sal dit binne-in hulle gee.

17Nadat die Heilige Gees hierdie dinge gesê het, het Hy ook gesê: Want Ek sal nie meer dink aan hulle sondes en aan die dinge wat hulle verkeerd gedoen het nie.

18Wanneer God mense se sondes vergewe, dan moet priesters nie meer sonde-offers bring nie, dit is dan nie nodig nie.

Ons moenie bang wees om na God te gaan nie

19Daarom, vriende, omdat Jesus vir ons gesterf het, mag ons na God toe gaan in die gewyde tempel.

20Jesus het vir ons ’n nuwe pad oopgemaak na God toe, dit is ’n pad wat vir ons bring na die ware lewe by God omdat Jesus deur die gordyn ingegaan het in die hoog-gewyde kamer. Hy het dit gedoen toe Hy self gesterf het.

21En Jesus is nou ons Groot Hoëpriester, Hy sorg vir almal wat aan God behoort.

22Daarom moet ons aanhou om na God toe te gaan, ons moet net vir Hom dien en ons moet baie seker wees dat die dinge wat ons glo, waar is. Ons het voorheen nie geweet wat is reg en wat is verkeerd nie, maar Jesus het ons rein gemaak soos wanneer die priesters die bloed van bokke en bulle gespat het op onrein mense, en daarna was hulle rein. Daarom is ons ook nou soos mense wat ons liggame met skoon water gewas het.

23Daarom moet ons aanhou om die dinge te glo en te sê wat ons hoop, ons moenie daaroor twyfel nie. Ons kan baie seker wees daarvan omdat God dit belowe het, en Hy sal doen wat Hy belowe het.

24Ons moet ook so vir mekaar sorg dat dit vir mense sal help om lief te wees vir ander mense en om goeie dinge vir hulle te doen.

25Ons moet hierdie dinge doen en ons moenie wegbly wanneer die gelowiges bymekaarkom nie, party mense bly baie maal weg. Nee, ons moet praat met mekaar en ons moet mekaar bemoedig. Julle kan sien dat die dag van die Here nader kom, daarom is dit baie belangriker dat ons hierdie dinge moet doen.

26Want as ons sonde doen en ons weet dat ons sonde doen, maar ons doen dit nadat ons geleer het en weet wat die waarheid is, dan sal ’n sonde-offer nie meer help om ons sondes te vergewe nie.

27Nee, dan moet ons bang wees omdat ons weet dat God ons sal oordeel, sy straf sal wees soos ’n baie warm vuur wat almal verbrand wat teen God is.

© Bible Society of South Africa.

28 Wanneer twee of drie getuies sê dat iemand ongehoorsaam was aan die Wette
van Moses, dan moet daardie persoon sterf.

29 As dit so is, wat dink julle sal gebeur met die persoon wat dink dat die Seun van
God nie belangrik is nie? Of wat dink julle sal gebeur met die persoon wat dink dat
die bloed onrein is, die bloed wat wys dat God ’n verbond met julle gemaak het? Dit
is hierdie bloed, die bloed van die Seun, waarmee God die persoon gewy het wat so
dink. En wat dink julle sal gebeur met iemand wat slegte dinge gesê het van die
Heilige Gees wat goeie dinge vir ons gee? God sal so iemand baie swaarder straf as
iemand wat nie geluister het na die Wette van Moses nie.

30 Want ons weet wie hierdie woorde gesê het: Dit is Ék wat mense sal straf oor wat
hulle verkeerd gedoen het. Hy het ook gesê: Die Here sal sy volk oordeel.

31 Almal moet bang wees wanneer God oordeel, die God wat lewe.

Julle moet aanhou om te glo

32 Maar julle moet onthou dat julle baie swaar gekry het in daardie tyd toe
julle gelowiges geword het, maar julle het aangehou om in Christus te glo.

33 Party maal het mense slegte dinge gesê van julle en hulle het vir julle gespot en vir
julle laat swaarkry, maar ander dae het julle swaargekry omdat julle vriende was met
mense wat ook so swaar gekry het.

34 Want julle was ook jammer vir die gevangenes. En toe mense julle goed gevat het,
het julle dit aanvaar en julle het nie opgehou om bly te wees nie. Julle het dit gedoen
omdat julle geweet het dat God vir julle iets gegee het wat beter is, en julle sal dit
altyd hê.

35 Daarom moet julle aanhou om in Christus te glo en julle moenie bang wees nie. As
julle aanhou glo, dan gee God vir julle ’n groot beloning.

36 Daarom moet julle aanhou om te glo, en julle moet doen wat God wil hê sodat julle
die dinge kan kry wat Hy vir julle belowe het.

37 Want: Dit sal nog net ’n baie kort tydjie wees, dan sal die Man kom wat moet kom,
Hy sal nie lank wegbly nie.

38 Hy wat gehoorsaam is aan My en wat reg lewe, sal aanhou lewe omdat hy
My vertrou. Maar as hy ophou om te glo, dan is Ek nie tevrede met hom nie.

39 Maar ons is nie mense wat ophou glo nie, en daarom sal ons nie verlore gaan nie.
Nee, ons is mense wat in Christus glo en daarom sal ons die ewige lewe kry.

Hebreërs 11

Mense wat in God geglo het

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

[1]Dit is waar: Mense wat in God glo, is baie seker dat God die dinge sal doen wat hulle hoop. Geloof is ’n bewys van die dinge wat ’n mens nie kan sien nie.

[2]Ons voorouers het in God geglo, en daarom sê die Ou Testament dat God tevrede was met hulle.

[3]Ons wat in God glo, verstaan dat God gepraat het en só die hemel en die aarde gemaak het. ’n Mens kan party dinge nie sien nie, maar God het daardie dinge gebruik om die dinge te maak wat ’n mens kan sien.

[4]Abel het ’n offer gebring. Omdat Abel in God geglo het, daarom het God meer gehou van daardie offer as van Kain se offer. Abel het geglo, en daarom het God gesê dat Abel regverdig is, God het dit gesê omdat Hy tevrede was met Abel se offers. Abel het gesterf, maar hy het in God geglo, en daarom hoor ons vandag nog dat hy met ons praat oor sy geloof.

[5]Henog het in God geglo, en daarom het God hom weggeneem, Henog het nie gesterf nie. Daarom kon niemand vir Henog kry nie, want dit was Gód wat hom weggeneem het. Ja, voordat God vir Henog weggeneem het, het God gesê dat Hy tevrede is met Henog.

[6]En God sal nooit tevrede wees met ’n mens wat nie in Hom glo nie. Want ’n mens wat vir God wil dien, moet glo dat God lewe en dat God die mense beloon wat Hom wil dien.

[7]Noag het in God geglo, en daarom het God hom gewaarsku oor die dinge wat moes gebeur, maar wat mense nog nie kon sien nie. Noag het vir God gerespekteer en daarom het hy gedoen wat God gesê het. Hy het die ark gebou om sy huisgesin te red. Noag het in God geglo, en daarom het hy gewys dat die wêreld se mense skuldig is. God het vir Noag geseën sodat hy regverdig kan lewe omdat hy in God geglo het.

[8] Abraham het in God geglo, en daarom het hy geluister toe God vir hom gesê het om weg te trek na die plek wat God vir hom wou gee om aan hom te behoort. Abraham het weggetrek en hy het nie geweet waarnatoe hy gaan nie.

[9]Abraham het in God geglo, en daarom het hy soos ’n vreemdeling gaan woon in die land wat God vir hom belowe het. Hy het soos ’n vreemdeling in tente gewoon saam met Isak en Jakob. God het vir Isak en Jakob belowe dat hulle dieselfde dinge sal kry wat God vir Abraham belowe het.

[10]Want Abraham wou baie graag lewe in die stad van God, die stad wat altyd daar sal wees. God het self planne gemaak vir die stad en Hy het dit gebou.

[11]Sara kon nooit kinders kry nie en sy was baie oud. Maar Abraham het in God geglo, en daarom het God vir hom krag gegee om pa te kan word. Abraham het geglo dat God sal doen wat Hy belowe het

© Bible Society of South Africa.

12 en daarom het hierdie één man ’n groot nageslag gehad. Hy was naby die dood, maar sy nageslag was so baie soos die sterre in die lug en so baie soos die sand langs die see, ’n mens kan dit nie tel nie.

13 Al hierdie mense wat in God geglo het, het gesterf, en hulle het nie gekry wat God vir hulle belowe het nie. Maar lank voordat hierdie dinge sou gebeur, het hulle dit gesien en hulle was bly oor hierdie dinge. Hulle was nie bang om te sê dat hulle vreemdelinge is in hierdie wêreld nie, hulle was mense wat nie altyd hier woon nie.

14 Want mense wat sê dat hulle hier net vreemdelinge is, sê baie duidelik dat hulle nog nie ’n land het waar hulle altyd kan woon nie.

15 Want as dit waar is dat hulle aangehou het om te dink aan daardie land waaruit hulle weggetrek het, dan sou hulle kon teruggaan daarnatoe.

16 Maar hulle het nie aangehou om te dink aan daardie land nie. Nee, hulle het verlang na ’n beter land, dit is by God in die hemel. Daarom is God nie skaam dat hulle kon sê dat Hy hulle God is nie. Daarom het Hy vir hulle ’n stad gereedgemaak om in te woon.

17 God het vir Abraham ’n nageslag belowe, maar God wou vir Abraham toets. Hy wou kyk wat Abraham sal doen en Hy het gesê Abraham moet sy seun offer. Abraham het in God geglo. Daarom was Abraham gewillig om vir Isak te offer en het hy begin om sy enigste seun te offer.

18 God het van Abraham se seun gesê: “ Die nageslag van Isak sal jou nageslag wees.”

19 Abraham het gedink dat God mense wat dood is, weer kan laat lewe, en daarom het hy vir Isak teruggekry. Dit is ’n voorbeeld wat wys hoe God mense wat dood is, weer sal laat lewe.

20 Isak het in God geglo, en daarom het Isak vir Jakob en Esau geseën, Isak het hulle geseën ook oor dinge wat nog later sal gebeur.

21 Jakob het in God geglo, en daarom het Jakob altwee die seuns van Josef geseën en het hy God aanbid terwyl hy oor die knop van sy kierie gebuig het. Jakob het dit gedoen terwyl hy besig was om te sterf.

22 Josef het in God geglo, en daarom het Josef daaroor gepraat dat die nageslag van Israel sal terugkom uit Egipte na hulle land. Hy het dit gesê kort voordat hy gesterf het, en hy het ook gesê wat hulle ná sy dood met sy liggaam moet doen.

23 Moses se ouers het in God geglo, en daarom het hulle vir Moses drie maande lank weggesteek nadat hy gebore is. Hulle het dit gedoen omdat hulle gesien het die kind is baie mooi, en hulle was nie bang vir wat die koning gesê het nie.

24 Moses het groot geword en hy het in God geglo. Daarom wou hy nie hê dat mense hom die seun van die farao se dogter moet noem nie.

© Bible Society of South Africa.

25Nee, Moses het gekies om saam met die volk van God swaar te kry, hy het nie gekies om vir ’n kort tydjie die sonde te geniet nie.

26Want Moses het gedink dat wanneer mense hom beledig soos hulle later die Christus beledig het, dan is hy ryker as wanneer hy al die mooi en duur goed van Egipte sal hê, want Moses wou graag die beloning kry.

27Moses het in God geglo, dáárom het hy weggegaan uit Egipte, en nié omdat hy bang was vir die koning wat baie kwaad geword het nie. Moses het dit gedoen omdat hy was soos iemand wat vir God kon sien, ander mense kon nie vir God sien nie.

28Moses het in God geglo, en daarom het hy gesê die Israeliete moet die Paasfees vier en mense moet bloed spat teen die deure se rame sodat die engel wat mense moet doodmaak, nie die oudste seuns en die eerste kalwers en lammers van die Israeliete begin doodmaak nie.

29Die Israeliete het in God geglo, en daarom het hulle deur die Rooi See gegaan soos wanneer mense oor droë grond trek. Toe die Egiptenaars dit probeer doen het, het hulle in die see verdrink.

30Die Israeliete het in God geglo, en daarom het die mure van Jerigo geval nadat die Israeliete sewe dae lank om die mure van Jerigo geloop het.

31Ragab, die prostituut, het in God geglo, en daarom het sy gesê dat die spioene van die Israeliete welkom is by haar, daarom het sy nie gesterf nie.

32Ek sal nie nog iets sê nie, dit is nie nodig nie, want dit sal baie lank neem om te vertel van Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid en Samuel en die profete.

33Hulle almal het in God geglo, en daarom het hulle die konings van ander lande oorwin. Hulle het gedoen wat reg is, hulle het gekry wat God vir hulle belowe het. Hulle het in God geglo en daarom kon leeus nie hulle bekke oopmaak om hulle te byt nie.

34Hulle het groot vure doodgemaak, hulle het vry weggekom toe mense hulle wou doodmaak met die swaard. Hulle was swak, maar hulle het sterk geword, hulle was baie sterk soldate en hulle het die leërs van die vyande laat vlug.

35Vroue het hulle mense wat gesterf het, teruggekry uit die dood omdat God hulle weer laat lewe het. Mense het gelowiges so seer gemaak dat hulle gesterf het. Hierdie gelowiges wou nie sê dat hulle opgehou het om in God te glo nie. As hulle dit gesê het, dan sou hulle vry kon weggaan. Maar hierdie mense wat so gesterf het, het geglo dat God hulle weer sal laat lewe in ’n beter lewe.

36Mense het ander gelowiges gespot en met ’n sweep geslaan, hulle het die gelowiges ook geboei en in die tronk gesit.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

37Mense het hulle met klippe doodgegooi, met ’n saag in stukke gesaag, met ’n swaard doodgemaak. Ander gelowiges het rondgeloop in klere van skaapvelle en bokvelle. Hulle het nie kos en klere gehad nie, mense het hulle laat swaarkry en het hulle baie seer gemaak.

38Hierdie mense wat in God geglo het, was te goed vir die mense van die wêreld. Hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge en in grotte en gate in die grond.

39Die Ou Testament sê vir ons dat God tevrede was met al hierdie voorouers van ons omdat hulle in Hom geglo het. Maar Hy het nie vir hulle die dinge gegee wat Hy belowe het nie.

40God het dit gedoen omdat Hy ’n beter plan gehad het vir ons wat in Christus glo. God wou hê dat hulle en ons almal saam moet wees soos Hy wil hê ons moet wees.

Hebreërs 12

Julle moet aanhou om na Jesus te kyk wanneer julle swaarkry

1Ons het ’n groot klomp getuies rondom ons, en daarom moet ons alles los wat ons kan keer om te doen wat ons moet doen, ja, ons moet ook die sonde los wat so maklik vir ons kan vashou. Daarom moet ons ook aanhou om te glo soos iemand wat aanhou om in ’n resies te hardloop wat hy moet klaarmaak.

2Ons moet dit doen terwyl ons aanhou om te kyk na Jesus, want dit is Hý wat ons van die begin af laat glo het en dit is Hý wat ons tot die einde laat glo. Jesus het geweet dat Hy later weer bly sou wees, en daarom het Hy gedink die skande van die kruis maak nie saak nie. Hy het aangehou om swaar te kry totdat Hy aan die kruis gesterf het. Daarom sit Hy nou op die belangrikste plek by die troon van God.

3Julle moet goed onthou dat Jesus geduldig was toe die sondaars slegte dinge teen Hom gesê en gedoen het. Julle moet aan Jesus dink sodat julle nie moeg en moedeloos word nie.

4Julle probeer hard om nie sonde te doen nie, maar julle het nog nie so hard teen die sonde geveg dat mense vir julle wil doodmaak nie.

5Het julle vergeet dat die Here vir julle bemoedig het omdat julle sy kinders is? Hy het gesê: My seun, die dinge wat die Here vir jou leer, moet belangrik wees vir jou, jy moenie moedeloos word wanneer Hy jou straf nie,

6want Hy leer vir jou omdat Hy lief is vir jou, Hy straf elke seun wat Hy aanneem.

7Julle kry swaar sodat julle kan leer, daarom moet julle aanhou glo, want dit is Gód wat julle laat swaarkry omdat julle sy kinders is. Want elke pa leer vir sy kind.

8God leer vir al sy kinders so. As Hy nie vir julle so kan leer nie, dan is julle buite-egtelike kinders, julle is dan nie God se ware kinders nie.

© Bible Society of South Africa.

9Ek wil nog iets sê: Ons pa's was mense op die aarde, hulle het vir ons geleer, en ons het hulle gerespekteer. Maar ons sal baie meer moet luister na die Vader in die hemel, Hy wat vir almal die lewe gee. As ons luister, dan sal ons ook lewe.

10Want ons pa's het ons vir 'n kort rukkie geleer soos hulle gedink het dit is goed. Maar ons hemelse Vader leer vir ons hier op die aarde omdat dit goed is vir ons en omdat Hy wil hê ons moet gewyd wees, ons moet heilig wees, soos Hy heilig is.

11En elke maal wanneer Hy vir ons leer, dan voel dit vir ons soos iets om oor te huil en nie soos iets om oor bly te wees nie. Maar God het vir ons so geleer en ge-oefen dat ons later sal doen wat Hy wil hê en vrede sal maak.

12Julle is moedeloos, maar julle moet sterk glo.

13 En julle moet aanhou om op die reguit pad te loop, dan sal die swak gelowiges wat vir julle volg, opstaan en doen wat God sê, hulle sal nie meer wees soos mense wat lam is nie.

Julle moet luister wanneer God met julle praat

14Julle moet hard probeer om met al die mense in vrede te lewe en om te lewe soos die Here wil hê, want as julle dit nie doen nie, dan sal julle nooit die Here sien nie.

15Julle moet ook oppas dat niemand God se genade weggooi nie. Iemand wat dit doen, is soos 'n giftige plant wat groei en groot word, hy maak probleme en hy laat baie mense vuil word van die sonde.

16Julle moet ook oppas dat niemand soos Esau lewe nie. Hy het onsedelik gelewe en hy het gelewe soos 'n mens wat niks van God wil weet nie. Ja, Esau het vir een ete sy regte van die oudste seun verkoop.

17Want julle weet ook dat Esau later wou hê dat sy pa hom moet seën, maar Isak kon toe nie vir hom seën nie. Esau het gehuil en gesoebat dat sy pa hom moet seën, maar dit was te laat, hy kon nie regmaak wat hy verkeerd gedoen het nie.

18Julle het nie soos die Israeliete gekom by iets waaraan 'n mens kan raak nie, julle het nie gekom by 'n vuur wat brand, of by 'n donker wolk, of by 'n stormwind nie.

19Julle het ook nie gekom waar 'n trompet geblaas het en waar Iemand gepraat het uit die hemel nie. Die mense wat dit gehoor het, het gesoebat dat God niks meer vir hulle moet sê nie,

20want hulle kon nie doen wat God gesê het nie. Hy het gesê: " As 'n dier aan die berg raak, dan moet hulle hom doodgooi met klippe."

21Die dinge wat hulle gesien het, het hulle so bang gemaak dat Moses gesê het: " Ek bewe, ek is baie bang."

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Nee, julle het by Sionsberg gekom, julle het gekom by die stad van die God wat lewe, by Jerusalem wat in die hemel is. Julle het ook gekom by so baie engele dat ’n mens hulle nie kan tel nie, julle het gekom by die fees waar almal bly is.

23Julle het gekom by die vergadering van die mense wat soos God se oudste seuns is, hulle name is opgeskryf in die hemel. Julle het gekom by die Regter wat die God van almal is, julle het gekom by die mense wat voorheen gelewe het en wat heeltemal geword het soos God wil hê hulle moet wees.

24Julle het ook gekom by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en julle het gekom by die bloed van Jesus wat gevloei het en wat vir ons ’n beter boodskap bring as die bloed van Abel.

25Julle moet oppas, julle moenie ongehoorsaam wees aan Hom wat met julle praat nie. Want toe God daardie mense voorheen op die aarde gewaarsku het, wou hulle nie luister na Hom nie, en hulle kon nie wegvlug van Hom nie. Ja, dit is waar, God waarsku nou vir ons uit die hemel, en julle weet dat as ons nie wil luister na God nie, dan sal ons ook nie kan vlug nie, dit sal nog slegter gaan met ons as met daardie mense wat ook nie kon vlug nie.

26In daardie tyd het God hard gepraat en sy stem het die aarde geskud, maar nou het Hy belowe: “ Ek sal nog een maal die aarde skud en Ek sal ook die hemel skud.”

27En hierdie woorde, “nog een maal”, sê duidelik dat God die dinge sal wegneem, die dinge wat Hy gemaak en geskud het, sodat net die dinge wat niemand kan skud nie, sal oorbly.

28Dit is seker dat God ons wil laat kom daar waar Hy Koning is, en daarom moet ons dankie sê vir God. Ons is dankbaar, en daarom moet ons vir God dien soos Hy wil hê, en ons moet Hom eer en respekteer,

29want ons God is ook soos ’n vuur wat alles verbrand.

Hebreërs 13

Lewe soos mense wat dankbaar is voor God

1Julle is gelowiges, julle moet aanhou om lief te wees vir mekaar.

2Julle moet aanhou om vriendelik te wees met vreemdelinge, want party mense wat dit gedoen het, was vriendelik met engele, maar hulle het nie geweet dat dit engele is nie.

3Julle moet aanhou dink aan die gevangenes, julle moet voel soos mense wat self ook gevangenes is. Julle moet ook dink aan die mense wat swaarkry, julle moet self voel soos mense wat ’n liggaam het en wat swaarkry.

© Bible Society of South Africa.

4Almal moet die huwelik respekteer, en mans en vrouens wat getroud is, moet net aan mekaar behoort, want God sal mense oordeel wat onsedelik lewe en egbreuk pleeg.

5Julle moenie baie lief wees vir geld nie, julle moet tevrede wees met dit wat julle het. Want God het gesê: " Ek sal jou nooit los nie, Ek sal nooit weggaan van jou nie."

6Daarom moet ons nie moedeloos wees nie, ons moet sê: Die Here help my, en ek sal nie bang wees nie. Dan kan 'n mens niks sleg aan my doen nie.

7Julle moet aanhou dink aan julle leiers, hulle wat vir julle die boodskap van God gebring het. Julle moet aanhou om te dink aan die einde van hulle lewe, en julle moet in God glo soos julle leiers geglo het.

8Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, Hy bly altyd dieselfde.

9Julle moenie dat mense vir julle baie nuwe dinge wil leer en vir julle verlei nie. Dit is goed wanneer die genade van God julle geloof sterk maak, want die mense sê vir julle wat julle moet eet en wat julle nie moet eet nie, maar daardie dinge kan nie julle geloof sterk maak nie. Die wette wat hierdie mense vir julle geleer het, het nie vir hulleself gehelp nie.

10Maar ons wat in Christus glo, het 'n altaar, en die priesters wat in die tempel-tent werk, mag nie eet van die offers op die altaar nie.

11Want die hoëpriester het die bloed van die diere wat hy ge-offer het, ingebring in die hoog-gewyde kamer, dit was 'n offer om te betaal vir die sonde. Maar iemand het die liggame van die offer-diere wat die hoëpriester ge-offer het, buite die kamp verbrand.

12Daarom het ook Jesus buite die stad se poort swaargekry en gesterf sodat Hy met sy eie bloed die volk kon wy, ja, Hy het dit gedoen toe Hy vir ons gesterf het.

13Daarom moet ons uitgaan na Jesus toe, Hy is buite die kamp. Ons moet gaan terwyl die mense ook vir ons beledig soos hulle vir Hom beledig het.

14Want hier op die aarde het ons nie 'n stad wat vir altyd daar sal wees nie, maar ons wil graag die stad hê wat later sal kom.

15Jesus help vir ons, en daarom moet ons aanhou om 'n offer vir God te bring, ons moet Hom prys sodat almal dit kan hoor.

16Julle moenie vergeet om baie goeie dinge te doen nie, julle moet graag van julle eie goed vir ander mense gee, want God is baie tevrede met daardie soort offers.

17Julle moet luister na julle leiers en julle moet doen wat hulle vir julle sê, want hulle hou aan om julle op te pas, hulle sal eendag vir God moet sê hoe dit met julle gaan. As julle luister na hulle, dan sal hulle bly kan wees terwyl hulle vir julle help, hulle sal dan nie kla en sug nie, want dit sal nie goed wees vir julle nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

18 Julle moet aanhou om vir ons te bid, want ons is seker dat ons goed weet wat is
reg en wat is verkeerd, omdat ons heeltemal reg wil lewe.

19 Daarom vra ek vir julle nog baie ernstiger om vir my te bid, sodat God vir my gouer
kan terugstuur na julle toe.

Laaste gebed en groete

20 Die God wat vrede gee, het ons Here Jesus, die groot Herder van die skape, weer
laat lewe. God het dit gedoen omdat Hy sy ewige verbond met ons gemaak het toe
die bloed van ons Here Jesus gevloei het.

21 Ons bid dat God vir julle alles sal gee wat goed is, sodat julle kan doen wat Hy wil
hê, en ons bid dat Jesus Christus vir julle sal help om die dinge te doen waarvan God
baie hou. Daarom moet ons God altyd prys. Amen.

22 Vriende, ek het julle bemoedig en ek vra baie ernstig vir julle dat julle goed moet
luister na my woorde, want ek het nie ’n lang brief vir julle geskryf nie.

23 Julle moet weet dat ons vriend, Timoteus, nou nie meer in die tronk is nie. As hy
gou kom, dan sal ek saam met hom na julle toe kom.

24 Sê groete vir al julle leiers en al die gelowiges. Die gelowiges van Italië stuur groete
vir julle.

25 Ek bid dat God genadig sal wees vir julle almal.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Jakobus

Jakobus 1

Jakobus groet die mense wat sy brief lees

1 Ek, Jakobus, is ’n dienaar van God en die Here Jesus Christus. Ek skryf hierdie brief
vir die twaalf stamme van Israel wat oral in die hele wêreld woon. Ek groet julle!

Julle moet bly wees wanneer julle swaarkry

2-3 My vriende, daar gebeur partymaal met julle verskillende soorte slegte dinge wat
vir julle toets. Die dinge wil vir julle laat ophou om God te dien. Julle moet baie bly
wees wanneer dit gebeur, want julle weet dat wanneer hierdie dinge julle geloof so
toets, dan help dit julle om aan te hou glo.

4 Julle moet so aanhou glo dat julle geloof heeltemal sal wees soos dit moet wees.
Julle moet so aanhou glo dat julle alles sal doen wat God wil hê, dan sal julle
heeltemal wees soos God wil hê julle moet wees.

5 As daar by julle iemand is wat nie wysheid het nie, dan moet hy vir God vra om vir
hom wysheid te gee, en God sal dit gee. Want God gee baie graag, Hy praat nie
kwaai met mense wat tot Hom bid nie.

6 Wanneer mense bid, dan moet hulle glo dat God sal gee wat hulle vra, hulle moenie
twyfel nie. Want ’n mens wat twyfel, is soos die see se branders, die wind waai die
branders heen en weer.

7 Iemand wat twyfel, moenie dink dat die Here vir hom iets sal gee nie,

8 so ’n mens weet nie wat hy moet besluit nie, hy weet nooit wat hy moet doen nie,
hy is nie seker nie.

Ryk mense en arm mense

9 ’n Gelowige wat onbelangrik en arm is, moet bly wees dat die Here dink hy is
belangrik.

10 Maar ’n gelowige wat ryk is, moet bly wees dat die Here nie dink hy is belangrik
nie, want sy baie goed kan wegraak soos ’n veldblom wat verdwyn.

11 Want wanneer die son begin skyn en dit word baie warm, dan word die
veldblomme droog en hulle val af en die mooi blomme is nie meer daar nie. So is ’n
ryk mens en sy besigheid, hy sal verdwyn soos ’n veldblom.

Dinge wat ’n mens toets en wat ’n mens laat swaarkry

12 Daar gebeur partymaal dinge wat iemand se geloof toets en wat hom verkeerde
dinge wil laat doen. Wanneer so iemand aanhou glo, dan is hy ’n gelukkige mens.
Hoekom? Want wanneer God tevrede is met so ’n mens, dan sal God vir hom ’n prys
gee, God sal vir hom die ewige lewe gee. God het dit belowe vir die mense wat lief is
vir Hom.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Wanneer daar dinge is wat ’n mens se geloof toets en wat hom verkeerde dinge wil
laat doen, dan moet die persoon nie sê: “Dit is God wat wil hê ek moet verkeerde
dinge doen” nie, want niemand kan vir God verkeerde dinge laat doen nie, en God
wil ook nie hê dat mense verkeerde dinge moet doen nie.

14Elkeen wat verkeerde dinge doen, doen dit omdat hy self lus is om dit te doen. Hy
wil die dinge baie graag doen, dit is vir hom soos ’n vangnet wat hom vang.

15Wanneer iemand lus is om verkeerde dinge te doen, dan doen hy sonde, en
wanneer die sonde groter en groter word, dan bring dit die dood.

16My vriende, ek is baie lief vir julle, julle moenie dom wees nie.

17Elke goeie ding wat julle kry, elke present wat goed en reg is, kom van bo af, dit
kom van die Vader wat die sterre in die lug gemaak het. Die Vader verander nie, Hy is
soos ’n lig wat altyd skyn.

18God het besluit om vir ons die boodskap te stuur wat waar is, Hy het vir ons nuwe
lewe gegee, ons het die eerste en belangrikste geword van almal wat Hy nuut
gemaak het.

Luister na die Woord van God en doen dit

19My vriende, ek is baie lief vir julle. Julle moet onthou: Elke mens moet altyd gereed
wees om te luister na God se boodskap, maar hy moenie haastig wees om te praat
nie, hy moet eers dink voordat hy praat. Hy moet ook nie haastig wees om kwaad te
word nie.

20Want wanneer ’n mens kwaad word, dan doen hy nie die dinge wat God wil hê nie.

21Daarom moet julle heeltemal ophou om verkeerde en slegte dinge te doen. Julle
moet nederig wees en julle moet luister na die goeie boodskap wat God in julle
harte gegee het. Dit is die boodskap wat vir julle kan red.

22Julle moet doen wat God vir julle sê. As julle luister na sy boodskap, maar julle
doen nie wat Hy sê nie, dan bedrieg julle julleself.

23Want wanneer iemand luister na God se boodskap en hy doen nie wat God sê nie,
dan is hy soos ’n mens wat in ’n spieël na sy eie gesig kyk.

24Wanneer hy homself in die spieël gesien het en hy gaan weg, dan vergeet hy
dadelik hoe hy gelyk het.

25Maar iemand is gelukkig wanneer hy goed luister na die wette van God, die wette
wat heeltemal reg is en wat ’n mens vry kan maak. As so iemand aanhou luister, dan
vergeet hy nie wat hy gehoor het nie, nee, hy doen dit. En so ’n mens sal regtig
gelukkig wees omdat hy doen wat die wette van God sê.

26As iemand dink dat hy vir God dien maar hy dink nie voordat hy praat nie, dan
bedrieg hy homself, en dan beteken sy godsdiens niks.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

27Die regte en die rein manier om vir God die Vader te dien, is dit: Jy moet sorg vir weeskinders en vir weduwees wat swaarkry. En ’n mens moenie dat hierdie sondige wêreld jou onrein laat word sodat jy slegte dinge doen nie.

Jakobus 2

Julle moenie dink dat party mense belangriker is as ander mense nie

1My vriende, julle glo in die Here Jesus Christus wat die Koning is. Daarom moet julle nie dink dat een mens belangriker is as ’n ander mens nie.

2Miskien kom daar in julle vergadering ’n man wat ’n goue ring aan sy vinger het en wat mooi klere dra. En miskien kom daar ook ’n arm man wat vuil en stukkende klere dra.

3As julle dink die man wat die mooi klere dra, is belangrik en julle sê vir hom: “Kom sit hier op die goeie sitplek,” maar julle sê vir die arm man: “Gaan staan daar agter” of “Sit hier by my voete,”

4dan dink julle dat die een persoon belangriker is as die ander persoon. Dan is julle soos regters wat verkeerd besluit omdat hulle verkeerd dink.

5My vriende, ek is baie lief vir julle, julle moet luister na my. Die mense van die wêreld dink miskien dat party mense arm is, maar júlle weet dat God arm mense gekies het om ryk te wees. Hulle is ryk omdat hulle in Hom glo en omdat Hy belowe het dat Hy die Koning sal wees van die mense wat lief is vir Hom.

6Maar dit is júlle wat arm mense verneder het. Julle het dit gedoen, maar julle weet goed dat dit die ryk mense is wat vir julle laat swaarkry en dat dit húlle is wat vir julle na die hof toe vat.

7En julle weet ook goed dat dit die ryk mense is wat die mooi Naam van God laster, God aan wie julle behoort.

8Die hemelse Koning sê in sy wette in die Ou Testament: “ Jy moet lief wees vir jou naaste soos jy lief is vir jouself.” As julle dit doen, dan het julle ’n goeie ding gedoen.

9Maar as julle dink een persoon is belangriker as ’n ander persoon, dan doen julle sonde, en die wette wys dan dat julle nie gehoorsaam is nie.

10Wanneer ’n mens nie doen wat een van die wette van God sê nie, maar hy doen wat al die ander wette sê, dan is hy so skuldig soos iemand wat verkeerd gedoen het teen al die wette van God.

11Want God het gesê: “ Jy mag nie egbreuk pleeg nie.” Hy het ook gesê: “Jy mag nie iemand doodmaak nie.” As jy nie egbreuk pleeg nie, maar jy maak iemand dood, dan doen jy nie wat die wette sê nie.

© Bible Society of South Africa.

12Wanneer julle praat of iets doen, dan moet julle altyd onthou dat God julle sal oordeel. God sal julle oordeel met die wette wat vir mense vrymaak.

13Want wanneer God oordeel, dan sal Hy nie jammer wees vir mense wat nie goed was vir ander mense nie. Maar as mense goed was vir ander mense, dan sal God nie vir hulle straf nie.

Geloof wat net praat en niks doen nie, is dood

14My vriende, dit help niks as julle sê dat julle in God glo, maar julle doen nie wat God wil hê nie. As julle so glo, dan sal dit julle nie red nie.

15'n Ander gelowige het miskien nie klere nie en hy het nie elke dag genoeg kos om te eet nie,

16en een van julle sê miskien vir so 'n persoon: "Ek hoop dit gaan goed met jou, jy moet warm klere aantrek en genoeg eet." Maar as julle nie vir daardie persoon gee wat hy nodig het nie, dan moet julle weet dat dit niks help nie.

17So gaan dit ook met mense wat sê dat hulle in God glo, maar hulle doen nie wat Hy wil hê nie. Om so te glo, beteken niks, daardie geloof is dood.

18Maar iemand sal miskien sê: "Een persoon glo in God en 'n ander persoon doen wat God wil hê." Maar ek sê nee, dit is verkeerd. Wys vir my hoe jy kan glo en nie doen wat God sê nie, dan wys ek vir jou dat ek glo omdat ek doen wat God sê.

19Jy glo dat daar een God is, en dit is reg. Die duiwels glo dit ook en hulle is so bang dat hulle bewe.

20 Dwase mens, almal weet dat dit niks help om te sê jy glo in God as jy nie doen wat Hy sê nie.

21Abraham, ons voorvader, het sy seun Isak na die altaar gebring om hom te offer. Julle weet dat God hom vrygespreek het omdat hy gedoen het wat God wil hê.

22Nou kan jy verstaan dat Abraham gesê het hy glo in God, want hy het gedoen wat God wil hê. Ja, hy het gedoen wat God wil hê, en dít het gewys dat hy heeltemal in God glo.

23So het ook gebeur wat in die Ou Testament geskryf is: " Abraham het God geglo, en God het hom vrygespreek." Daarom het God gesê Abraham is sy vriend.

24Julle moet verstaan dat God 'n mens vryspreek omdat daardie mens dóén wat God wil hê. God spreek hom vry, maar Hy doen dit nie net omdat die mens sê dat hy in God glo nie.

25Julle weet ook dat God vir Ragab, die prostituut, vrygespreek het omdat sy gedoen het wat Hy wou hê. Sy het die spioene genooi om in haar huis in te kom en sy het vir hulle gehelp om weg te gaan op 'n ander pad.

© Bible Society of South Africa.

26’n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is geloof ook dood wanneer ’n mens nie doen wat God wil hê nie.

Jakobus 3

Die tong

1My vriende, julle moenie almal probeer om vir ander mense te leer nie. Julle weet dat God swaarder sal oordeel oor ons wat vir ander mense leer.

2Ons almal doen baie maal iets wat verkeerd is. As iemand nooit iets verkeerd sê nie, dan lewe so ’n mens soos God wil hê. Dan kan hy ook sy hele lewe bestuur soos ’n mens ’n perd stuur met ’n stang.

3As ons ’n stang in ’n perd se bek sit sodat hy moet doen wat ons wil hê, dan kan ons die hele perd stuur met die stang.

4Dit is dieselfde met seilskepe: Seilskepe is baie groot, en die sterk winde laat hulle seil op die water. Maar die kaptein gebruik net ’n baie klein roer om die skip te stuur waarnatoe hy wil gaan.

5Dit is dieselfde met die tong: Die tong is ’n klein deeltjie van die liggaam, maar hy spog dat hy groot dinge kan doen. ’n Klein vuurvlammetjie kan ’n groot bos aan die brand steek!

6Die tong is soos ’n vuur wat brand. Die tong is een van die dele van die liggaam, maar dit is ook soos ’n hele wêreld vol verkeerde dinge. Dit maak die hele liggaam vuil. Dit steek ’n mens se hele lewe aan die brand, van die begin tot die einde, en die tong se vuur kom reguit van die hel.

7Want ’n mens kan al die verskillende soorte wilde diere en voëls mak maak, ook diere wat kruip en seediere. Die mense hét hulle al klaar mak gemaak.

8Maar niemand kan die tong mak maak en oor hom regeer nie. Die tong sê slegte dinge en niemand kan dit stilmaak nie. Die tong is so gevaarlik soos gif wat mense kan doodmaak.

9Ons prys die Here en Vader met die tong, maar met dieselfde tong vloek ons mense, en God het daardie mense gemaak om te regeer in sy plek.

10Ons prys die Here en ons vervloek mense met dieselfde mond. My vriende, dit moenie so wees nie.

11Julle weet dat daar nie uit dieselfde fontein soet water én bitter water kom nie.

12My vriende, ’n vyeboom kan nie olywe dra nie en ’n wingerdstok kan ook nie vye dra nie, dit is seker. Dit is dieselfde: Daar kan nie soet water kom uit ’n fontein wanneer sy water sout is nie.

Hemelse wysheid en aardse wysheid

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Wanneer een van julle dink dat hy wysheid het en verstandig is, dan moet hy wys dat hy verstandig is. Hy moet reg lewe en hy moet doen wat die Here wil hê, hy moet nederig wees soos ’n wyse mens moet wees.

14Maar as julle baie jaloers is en as julle altyd alles vir julleself wil hê, dan moet julle nie spog en sê dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie.

15Daardie wysheid kom nie van God nie. Dit is die wysheid van mense wat net oor die dinge van hierdie wêreld dink, dit is nie geestelik nie, dit kom van die duiwel.

16Want wanneer mense jaloers is en altyd alles vir hulleself wil hê, dan maak hulle probleme en hulle doen al die slegte dinge.

17Nee, die wysheid wat God gee, is rein. Daardie wysheid maak vrede tussen mense, dit is vriendelik en dit luister na die dinge wat ander mense vra. Wysheid is goed vir mense, dit is soos ’n boom wat goeie vrugte dra. Wysheid dink nie dat een mens belangriker is as ’n ander mens nie, dit is nie skynheilig nie.

18Mense wat reg doen, maak vrede tussen mense, en hulle lewe self ook in vrede.

Jakobus 4

Vriende van die mense van die wêreld is vyande van God

1Julle weet goed hoekom julle twis en baklei met mekaar. Dit is omdat julle so baie slegte dinge wil hê vir julleself. Die dinge wat julle wil hê, baklei met mekaar in julle harte.

2Julle wil baie graag dinge hê, maar julle kry dit nie, en daarom vermoor julle mense en daarom is julle jaloers op mekaar. Wanneer julle nie die dinge kan kry wat julle graag wil hê nie, dan twis en baklei julle. En julle kry nie die dinge wat julle wil hê nie, omdat julle dit nie vir God vra nie.

3En wanneer julle iets vir God vra, dan kry julle dit nie, omdat julle verkeerd vra. Julle vra dinge sodat julle dit kan mors saam met al die ander lekker dinge wat julle graag wil doen.

4Julle is slegte en sondige mense. Julle weet baie goed dat wanneer iemand ’n vriend is van die mense van die wêreld, dan is hy ’n vyand van God. Die mens wat graag ’n vriend wil wees van die mense van die wêreld, wys dat hy ’n vyand van God is.

5In die Ou Testament is geskryf: “ God het die lewe vir ons gegee, Hy wil ons lewe heeltemal vir Homself hê.” Julle weet dit is waar.

6Maar God gee vir ’n mens nog meer genade. Daarom sê God in die Ou Testament: Wanneer mense dink dat hulle vir ander mense kan spot, dan spot God vir húlle. Wanneer mense weet dat hulle nie hulleself kan help nie, dan is God goed vir hulle.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

7Julle moet gehoorsaam wees aan God, julle moet veg teen die duiwel, dan sal hy wegvlug van julle.

8Julle moet nader kom na God toe, dan sal Hy nader kom na julle toe. Julle is mense wat sonde doen, julle moet ophou om verkeerde dinge te doen. Julle is vals en julle doen nie wat julle sê nie, julle moet ophou om verkeerde dinge te dink.

9Julle moet besef dat dit baie sleg gaan met julle, julle moet huil en treur. Julle is nou vrolik, maar julle moet hartseer word. Julle is nou bly, maar julle moet ophou om bly te wees, en julle moet weet dat julle nie goed genoeg is nie.

10Julle moet vir die Here wys dat julle nie dink julle is belangrik nie. Dan sal Hy julle belangrik maak.

Julle moenie slegte dinge sê van mekaar nie

11My vriende, julle moenie slegte dinge sê van mekaar nie. Wanneer iemand slegte dinge sê van sy vriend of wanneer hy sê sy vriend doen verkeerd en God moet hom straf, dan sê hy slegte dinge van God se wette en hy sê dat die wette verkeerd is. En as jy sê dat die wette verkeerd is, dan doen jy nie wat die wette sê nie, maar dan is jy die regter wat die wette oordeel.

12Daar is net Een wat wette maak en wat mag oordeel. Net Hý kan mense red of laat sterf. Maar jý, jy mag nie jou naaste oordeel nie.

Moenie spog nie

13Julle sê: “Ons sal vandag of môre na ’n stad gaan. Dan sal ons ’n jaar lank daar bly en ons sal goed koop en verkoop, ons sal meer geld kry as wat ons gehad het.” Maar julle moet luister na wat ek nou sê:

14Julle is mense wat nie weet wat môre in julle lewe sal gebeur nie, want julle is soos ’n miswolk, ’n mens sien dit net ’n kort tydjie, en dan verdwyn dit.

15Nee, julle moet sê: “As die Here wil hê dat dit moet gebeur, dan sal ons lewe en dan sal ons hierdie dinge doen.”

16Maar julle sê dit nie, julle spog oor al die dinge wat julle doen en julle is trots daarop. Dit is verkeerd wanneer mense so spog.

17Daarom, wanneer ’n mens weet dat hy die regte ding moet doen maar hy doen dit nie, dan doen hy sonde.

Jakobus 5

Jakobus waarsku ryk mense wat ander mense verdruk

1Ryk mense, julle moet luister, julle moet huil en skree oor die slegte dinge wat met julle sal gebeur.

© Bible Society of South Africa.

2Julle het baie goed bymekaargemaak, maar dit het vrot geword, en die motte het julle klere gevreet.

3Julle goud en silwer het geroes, en die roes sal wys watter slegte dinge julle gedoen het. Roes vreet goud en silwer, en die vuur van die Here se straf sal ook vir julle brand, want julle het mooi en duur goed bymekaargemaak in hierdie laaste dae voordat die Here kom.

4Kyk wat het julle gedoen! Julle het nie die mense betaal wat koring afgesny het op julle lande nie. Die geld wat húlle moes gekry het, beskuldig nou vir júlle. Ja, die Here wat oor alles regeer, hoor altyd wanneer die mense wat die koring afgesny het, skree en vra dat Hy hulle moet help.

5Hier op die aarde het julle duur goed gekoop en julle het die lewe geniet. Julle het vet geword toe die tyd al naby was, die tyd wanneer die Here almal sal straf wat verkeerd gedoen het.

6Julle het gesê onskuldige mense is skuldig. Hulle kon julle nie keer nie en hulle kon hulleself nie verdedig nie, maar julle het hulle vermoor.

Julle moet geduldig wees

7Vriende, julle moet geduldig wag totdat die Here kom. Julle weet dat ’n boer geduldig wag om al die koring op die land af te sny. Hy moet geduldig wag totdat die vroeë reën en die laat reën geval het.

8Dit is dieselfde vir julle: Julle moet ook geduldig wees, julle moet aanhou hoop, want dit sal nie meer lank wees nie, dan sal die Here kom.

9Vriende, julle moenie kla oor mekaar nie. As julle kla, dan sal die Here julle oordeel. Julle moet dit weet: Daardie Regter is naby, so naby soos iemand wat voor die deur staan.

10Vriende, die profete het gesê wat die Here vir hulle gesê het, hulle is ’n voorbeeld vir julle, hulle is mense wat baie swaar gekry het en wat geduldig gewag het. Julle moet dieselfde doen soos hulle gedoen het.

11Ons dink dat die mense wat geduldig wag, gelukkige mense is. Julle het gehoor dat Job geduldig was, en julle het gesien wat die Here se plan met hom was. Die Here was baie jammer vir Job en Hy was baie goed vir Job.

Die gelowiges moenie dinge belowe nie

12Maar die belangrikste van alles is dit: Julle moenie iets belowe en sê die hemel is die getuie nie, julle moet ook nie iets belowe en sê die aarde is die getuie nie, julle moenie iets belowe en sê enige iets is die getuie nie. Sê “ja” wanneer julle “ja” wil sê, en sê “nee” wanneer julle “nee” wil sê. As julle dit nie doen nie, dan sal God julle straf.

Glo en bid

© Bible Society of South Africa.

13Wanneer daar iemand by julle is wat swaarkry, dan moet hy bid. Wanneer daar iemand is wat bly is, dan moet hy vir die Here sing.

14Wanneer daar iemand by julle is wat siek is, dan moet hy die ouderlinge van die gemeente roep om na hom toe te kom. Die ouderlinge moet die Naam van die Here sê en hulle moet olyf-olie op die persoon gooi en vir hom bid.

15As die ouderlinge bid en glo dat die Here die siek persoon gesond sal maak, dan sal hy gesond word. Die Here sal hom laat opstaan van sy bed, en as hy sonde gedoen het, dan sal die Here sy sonde vergewe.

16Daarom moet julle vir mekaar sê dat julle jammer is oor julle sondes. Julle moet ook vir mekaar bid sodat julle gesond kan word. Wanneer iemand doen wat die Here wil hê en hy bid, dan sal sy gebed help dat groot dinge gebeur.

17Elia was ’n mens soos ons. Hy het baie ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en dit het drie jaar en ses maande lank nie gereën op die aarde nie.

18Toe het Elia weer gebid, en die reën het uit die lug gekom, en die aarde het sy plante laat groei.

19My vriende, as daar iemand by julle is wat nie meer na die waarheid van die goeie boodskap wil luister nie, dan kan een van julle hom miskien help om weer na die Here te luister.

20Julle moet dan onthou: As so iemand ’n ander gelowige help om nie weer verkeerd te doen nie, dan red hy hom van die dood. Dan sal die Here baie sondes vergewe.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1 Petrus

1 Petrus 1

Petrus groet almal wat sy brief lees

1-2Ek, Petrus, is ’n apostel van Jesus Christus. Ek skryf hierdie brief vir julle wat vreemdelinge is en wat op verskillende plekke woon in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië. God die Vader het julle gekies om sy volk te wees omdat Hy lank gelede dit besluit het. Die Heilige Gees het julle gewy om sy volk te wees en om gehoorsaam te wees aan Jesus Christus. God het lank gelede besluit dat Jesus Christus moet sterf om julle sonde weg te neem. Ons bid dat God genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle baie vrede sal gee.

Julle moet bly wees, want God gee vir julle nuwe lewe

3Ons prys die God en Vader van ons Here Jesus Christus, God wat baie goed is vir ons. Jesus Christus het gesterf, maar God het vir Jesus weer laat lewe, en so het God vir ons ook weer laat lewe. Ons het nou ’n nuwe lewe, en daarom kan ons baie seker wees van die dinge wat ons hoop.

4Ons is seker dat God vir julle alles sal gee wat Hy belowe het. Niemand kan die dinge wegvat wat God gee nie, dit bly dieselfde, dit is nie soos ’n blom wat droog word en verlep nie. God het hierdie dinge vir julle gebêre in die hemel.

5God is sterk, Hy pas ook vir julle mooi op, julle wat in Hom glo. Hy wil julle red op die laaste dag, julle sal dit sien.

6Julle moet baie bly wees dat God julle wil red. Julle kry nou baie swaar en julle dink dat julle miskien moet ophou om vir God te dien. Maar julle sal net ’n kort tydjie swaarkry.

7Hierdie dinge wat julle laat swaarkry, toets julle geloof, en julle geloof is meer kosbaar as goud. Goud bly nie altyd dieselfde nie, maar ’n mens smelt goud in vuur om dit skoon te maak. Wanneer julle swaarkry en wanneer God julle geloof toets, dan sal mense sien dat julle geloof beter is as goud wat mense gesmelt het. Wanneer Jesus Christus weer kom, dan sal julle belangrik wees, God sal julle prys en vir julle eer gee.

8Julle het nooit vir Jesus Christus gesien nie, maar julle is lief vir Hom. Julle sien Hom nou ook nie, maar julle glo in Hom. Ja, julle is baie bly, ’n mens kan nie met woorde sê of verduidelik hoe bly julle is nie, dit is God wat julle so bly maak.

9Julle is bly, want julle weet wat julle gaan kry: God sal vir julle red, julle wat in Christus glo.

10Die profete het baie hard probeer om uit te vind hoe God vir julle sal red, en hulle het vir julle die boodskap van genade gebring.

© Bible Society of South Africa.

11Die Gees van Christus wat in die profete gewoon het, het lank gelede vertel dat Christus baie swaar sal kry en dat Hy daarna Koning sal wees. Die profete het probeer om uit te vind wanneer en hoe die dinge met Christus sal gebeur, die dinge waarvan die Gees gepraat het.

12God het vir die profete gewys dat hulle die goeie boodskap nie vir hulleself moes bring nie, maar vir julle. God het die Heilige Gees gestuur, en die Heilige Gees het vir die profete die goeie boodskap gegee wat hulle nou vir julle gebring het. Die engele wil ook graag hierdie dinge weet.

Julle moet julleself aan die Here wy en julle moet lief wees vir mekaar

13Daarom moet julle gereed wees, julle moet goed dink wat julle doen en julle moet wag en heeltemal seker wees dat God genadig sal wees vir julle op die dag wanneer Jesus Christus kom.

14Julle moet lewe soos kinders wat gehoorsaam is, julle moenie lewe soos julle voorheen gelewe het nie. In daardie tyd het julle nog nie die goeie boodskap van God geken nie, en toe wou julle graag slegte dinge doen.

15Nee, God het julle gekies om sy volk te wees en Hy is heilig. Daarom moet julle heeltemal lewe soos mense wat aan God behoort.

16Julle moet so lewe omdat daar in die Ou Testament geskryf is: “ Julle moet julleself aan My wy, want Ek is heilig.”

17Julle bid tot God en julle noem Hom julle Vader. Hy dink nie dat een mens belangriker is as ’n ander mens nie en daarom sal Hy elke mens oordeel oor wat hy gedoen het. Daarom moet julle vir God respekteer terwyl julle soos vreemdelinge in die wêreld is.

18-19Julle weet dat Christus julle vrygemaak het van die slegte lewe wat niks beteken nie, julle het by julle voorvaders geleer om so te lewe. Christus het julle vrygemaak, maar Hy het julle nie gekoop met silwer of goud nie. Dit is dinge wat kan ophou om iets te beteken. Nee, Christus het julle vrygemaak met iets wat baie beter is, Hy het julle vrygemaak toe Hy gesterf het. Hy het gesterf soos ’n lam wat ’n offer was, ’n lam wat heeltemal gesond en perfek was.

20God het vir Christus gekies om dit te doen voordat God die wêreld gemaak het. Nou is dit die einde van die tyd, God het Christus vir julle gestuur.

21Julle glo in God omdat julle aan Christus behoort. Christus was dood, maar God het Hom weer laat lewe en God het Hom Koning gemaak. Daarom glo julle in God, julle weet en julle is seker dat Hy julle sal red.

22Julle was gehoorsaam aan die waarheid en so het julle julleself gereinig, nou kan julle waarlik lief wees vir mekaar. Daarom moet julle baie lief wees vir mekaar, julle moenie vals wees en ophou om lief te wees vir mekaar nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

23God het ’n nuwe lewe vir julle gegee, maar dit was nie soos wanneer ’n kind gebore word uit ouers wat kan sterf nie. Nee, God het vir julle hierdie nuwe lewe gegee toe Hy met julle gepraat het, God wat lewe en wat altyd daar is.

24Want in die Ou Testament is geskryf: Al die mense is soos gras. Hulle is miskien mooi en goed, maar hulle is soos die veldblomme. Gras word droog, en blomme val af,

25maar wat die Here sê, sal nooit verander nie. En dit is die goeie boodskap wat die boodskappers vir julle gebring het.

1 Petrus 2

Jesus Christus is die hoek-klip

1Daarom moet julle ophou om enige iets te doen wat sleg is en julle moenie iemand bedrieg nie. Julle moet ook nie skynheilig en jaloers wees en slegte dinge sê van ander mense nie.

2Klein babatjies wil baie graag melk drink, so moet julle ook graag vol wil word van geestelike dinge. Dit is soos regte melk wat nie vals is nie en wat julle só sal laat groei dat die Here julle sal red.

3Julle verlang na hierdie dinge, want julle het self gevoel dat die Here goed is.

4Julle moet na Christus toe kom, Hy is soos ’n klip wat lewe. Die mense wou nie die klip gebruik om te bou nie, maar God het daardie klip gekies en dit was die belangrikste klip in die gebou.

5Julle is ook soos klippe wat lewe, julle moet bid dat God sy Gees sal gebruik om sy huis te bou met julle. Dan kan julle gewyde priesters wees om offers vir God te bring. Dit is Jesus Christus wat vir julle help om te offer soos die Gees wil hê, sodat God van hierdie offers sal hou.

6Want ons lees in die Ou Testament: Kyk, Ek sit in Sion ’n klip neer, dit is ’n hoek-klip wat Ek gekies het en wat baie kosbaar is. Die mense wat in Hom glo, sal veilig wees.

7Daarom, julle wat in Jesus Christus glo, sal ook vir Hom baie kosbaar wees. Maar daar is mense wat nie in Hom glo nie. Vir hulle is dit waar wat in die Ou Testament geskryf is: Die klip wat die bouers nie wou gebruik nie, daardie klip het die belangrikste klip in die gebou geword.

8Daar is ook geskryf: Hy is ’n klip waarteen hulle stamp, ’n rots waaroor hulle val. Hulle val oor die rots omdat hulle nie geglo het wat God gesê het nie. Dit was God se plan dat dit met hulle moet gebeur.

9Maar julle is God se volk, God het vir julle gekies, julle is die priesters oor wie Hy regeer, julle is ’n gewyde volk, sy eie volk wat vir almal moet vertel van die groot

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

dinge wat God gedoen het. Hy het vir julle geroep om uit die donker na Hom toe te kom, na Hom wat in die wonderlike lig is.

10 Toe was julle nie ’n volk nie, maar nou is julle God se volk. Toe was God nie goed vir julle nie, maar nou is Hy goed vir julle.

Hoe die volk van God moet lewe

11Liewe vriende, julle is soos mense wat vreemdelinge is en wat nie in hulle eie huise woon nie. Daarom vra ek mooi vir julle: Julle moenie die slegte dinge wil doen wat mense graag doen nie, want daardie slegte dinge verwoes ’n mens se lewe.

12Julle moet goeie dinge doen terwyl julle tussen die heidene lewe. Wanneer die heidene slegte dinge sê van julle, en hulle sê julle doen verkeerd, dan moet hulle kan sien dat julle goeie dinge doen. Dan sal hulle vir God prys op die dag wanneer Hy sal kom om almal te red wat glo.

Die gelowiges en die regering

13Die Here wil hê dat julle gehoorsaam moet wees aan almal wat oor julle regeer. Julle moet gehoorsaam wees aan die keiser wat oor julle regeer.

14Julle moet ook gehoorsaam wees aan die goewerneurs, want die keiser het hulle gestuur om die mense te straf wat slegte dinge doen en om die mense te prys wat goeie dinge doen.

15Julle moet gehoorsaam wees, want God wil hê dat die onverstandige mense moet stilbly wanneer hulle sien dat julle goeie dinge doen. Die onverstandige mense weet nie wat God wil hê nie.

16Julle is vry mense, maar julle moenie dink dat julle slegte dinge mag doen omdat julle vry is nie. Nee, julle is vry mense, maar julle is ook dienaars van God.

17Julle moet al die mense eer, julle moet lief wees vir die mense wat in die Here glo, julle moet God eer en dien, julle moet die keiser eer.

Slawe en eienaars

18Julle wat slawe is wat in die huise moet werk, julle moet gehoorsaam wees aan julle eienaars en julle moet hulle altyd respekteer. Julle moenie gehoorsaam wees net aan die goeie en vriendelike eienaars nie, julle moet ook gehoorsaam wees aan die eienaars wat slegte dinge doen aan julle.

19Want God is baie goed vir julle as julle niks verkeerd gedoen het nie en julle kry baie swaar en julle is tevrede omdat julle dink aan wat God wil hê julle moet doen.

20Want as julle geduldig is wanneer mense julle slaan omdat julle sonde doen, dan sal die mense julle nie prys nie, dit is seker. Maar as julle geduldig is wanneer julle swaarkry omdat julle goeie dinge doen, dan sal God goed wees vir julle.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

21God het vir julle gekies om goeie dinge te doen en om swaar te kry, want Christus het ook swaargekry vir julle. So het Hy vir julle 'n voorbeeld gegee sodat julle Hom kan volg.

22 Hy het nie sonde gedoen nie, en Hy het niemand bedrieg nie.

23Toe mense vir Christus beledig het, het Hy nie ook vir hulle beledig nie. Toe mense vir Hom laat swaarkry het, het Hy nie gesê dat Hy ook vir hulle sal laat swaarkry nie. Hy het hulle gelos sodat God reg kan oordeel oor hulle.

24Toe Hy aan die kruis gehang het, het Hy die straf vir ons sondes gedra, sodat ons glad nie meer sondes sal doen nie, maar sodat ons kan lewe om te doen wat God wil hê. Hy het seergekry sodat julle gesond kan wees.

25 Want julle was soos skape, julle elkeen het geloop waar hy wou loop, maar nou het julle teruggekom na Christus toe. Hy is die Herder, die Een wat vir julle sorg.

1 Petrus 3

Hoe mans en vroue moet lewe

1-2Julle het gehoor dat slawe gehoorsaam moet wees aan hulle eienaars. Vroue, julle moet ook gehoorsaam wees aan julle eie mans. Miskien glo party van julle mans nie in God nie. As daardie mans sien dat julle vir God respekteer en dat julle heeltemal reg lewe, dan kan die vroue wat mooi lewe, die mans laat besluit om vir God te dien. Julle kan dit doen, ook wanneer julle niks sê nie.

3-4Julle moet mooi wees, maar julle moenie mooi wees net omdat julle julle hare so mooi vleg dat almal altyd daarna wil kyk nie, of omdat julle goue juwele dra of omdat julle baie duur klere aantrek nie. Julle harte moet altyd mooi wees, julle moet nederig en rustig wees. Dit is baie belangrik vir God.

5Dit was voorheen dieselfde met die vroue wat in God geglo het en wat seker was dat Hy sal doen wat Hy gesê het. Hulle was gehoorsaam aan hulle eie mans, dit is hoekom hulle mooi was.

6So was Sara gehoorsaam aan Abraham. Sy het vir hom gesê: "Meneer." Julle is nou Sara se kinders. Daarom moet julle goeie dinge doen en julle moenie bang wees vir enige iets wat vir julle wil bangmaak nie.

7Mans, julle moet onthou dat vroue swakker is as mans, en julle moet só met hulle saam lewe. Julle moet hulle respekteer omdat hulle saam met julle die ware lewe sal kry wat God vir julle sal gee. Julle moet dit doen sodat niks julle kan keer om reg te bid nie.

Hoe gelowiges moet lewe

8Hierdie is die laaste dinge wat ek hieroor wil sê. Julle moenie met mekaar twis nie, julle moet dieselfde dink oor dinge. Julle moet bly wees saam met ander mense en

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

julle moet hartseer wees saam met hulle. Julle moet lief wees vir mekaar soos broers en susters lief is vir mekaar. Julle moet jammer wees vir ander mense en julle moenie hoogmoedig wees nie.

9Wanneer mense slegte dinge doen aan julle, dan moet julle nie ook slegte dinge doen aan hulle nie. Wanneer mense slegte dinge sê van julle, dan moet julle nie ook slegte dinge sê van hulle nie. Nee, julle moet hulle seën, want die Here het julle gekies om ander mense te seën. As julle dit doen, dan sal Hy julle seën.

10 Iemand wat lief is vir die lewe en wat graag goeie dinge wil hê, moenie sleg praat van mense nie en hy moenie lieg nie.

11Hy moenie verkeerde dinge doen nie, hy moet goeie dinge doen, hy moet altyd probeer om vrede te maak.

12Want die Here kyk na die mense wat reg lewe en Hy sorg vir hulle. Hy luister wanneer hulle roep en vra dat Hy hulle moet help. Maar die Here hou nie van mense wat verkeerde dinge doen nie.

13Dit is seker: Niemand sal slegte dinge doen aan julle as julle baie graag goeie dinge wil doen nie.

14Nee, julle is gelukkige mense as julle swaarkry omdat julle doen wat die Here wil hê. Maar julle moenie bang wees vir die mense wat julle laat swaarkry nie, en julle moenie bekommerd wees nie.

15Julle moet onthou dat Christus heilig is en dat Hy die Here is. Julle weet van die dinge wat sal gebeur, julle is seker daarvan. Wanneer mense vir julle vra om te vertel van daardie dinge, dan moet julle altyd gereed wees om vir elkeen te vertel van die dinge.

16Maar julle moet nederig wees wanneer julle dit vertel en julle moet vir God respekteer. Daar is mense wat vir julle beledig, want julle doen goeie dinge omdat julle in Christus glo. Julle moet goed onthou wat is reg en wat is verkeerd, sodat die mense wat vir julle beledig, self skaam sal word.

17Want as God wil hê dat julle moet swaarkry, dan is dit beter dat julle swaarkry omdat julle goeie dinge doen, beter as dat julle swaarkry omdat julle slegte dinge doen.

Die voorbeeld van Christus

18Want Christus het ook net een maal swaargekry en gesterf om sondaars te red van hulle sondes. Hy was onskuldig, maar Hy het gesterf sodat mense wat sonde gedoen het, kan lewe. Hy het gesterf sodat Hy vir julle na God kan bring. Die mense het die mens Christus doodgemaak, maar die Gees van God het vir Christus weer laat lewe.

19En Christus het ook gegaan na die geeste in die doderyk en Hy het vir hulle die boodskap gebring dat Hy oorwin het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20Dit is die geeste van die mense wat voorheen ongehoorsaam was. Dit was in die tyd toe Noag gelewe het, Noag wat die ark gebou het. God het toe geduldig gewag dat hierdie mense moet terugkom na Hom toe. God het net ’n paar mense gered. Die ark het op die water gedryf, só het God hulle gered. Daar was ag mense in die ark.

21Hierdie water is ’n teken van die doop, God red julle nou met die doop. Die doop was nie ons liggame skoon nie, maar dit red ons omdat God vir Jesus Christus weer laat lewe het. Wanneer ons gedoop word, dan belowe ons vir God dat ons gehoorsaam sal wees aan Hom. Ons weet dat ons nie skuldig is nie.

22Jesus het na die hemel gegaan. Hy sit daar op die belangrikste plek langs God. God het gesê dat Jesus Christus moet regeer oor al die engele en oor almal en alles wat belangrik wil wees in die wêreld.

1 Petrus 4

Gelowiges sal swaarkry wanneer hulle doen wat God wil hê

1Julle weet dat Christus baie swaar gekry het toe Hy ’n mens op die aarde was. Julle moet dit onthou sodat julle geloof sterk kan wees, want julle weet dat ’n mens wat swaargekry het, nie meer sonde wil doen nie.

2Ja, julle geloof moet sterk wees, sodat julle nie verkeerde dinge sal doen terwyl julle nog lewe nie. Julle moenie die dinge doen wat mense baie graag wil doen nie, julle moet doen wat God wil hê mense moet doen.

3Want voorheen het julle lank die dinge gedoen wat die heidene doen. Julle het alles gedoen wat julle wil, julle wou slegte dinge doen, julle het gedrink totdat julle dronk was, julle het wilde partytjies gehou en baie gedrink, en julle het afgode aanbid. Dit was baie slegte dinge wat julle gedoen het.

4Daarom is die heidene verbaas dat julle nie meer saam met hulle wild en verkeerd wil lewe nie en hulle sê slegte dinge van julle.

5Die heidene sal vir God moet antwoord oor wat hulle gedoen het, en God is gereed om die mense te oordeel wat nog lewe en ook die mense wat klaar gesterf het.

6Want dit is hoekom die mense wat klaar gesterf het, ook die goeie boodskap gehoor het terwyl hulle gelewe het. Mense het hulle hier op aarde ge-oordeel en doodgemaak, maar die Heilige Gees laat hulle lewe soos God wil hê.

Gelowiges moet mekaar dien

7Dit sal nie meer lank wees nie, dan sal al die dinge wat nou gebeur, ophou om te gebeur. Daarom moet julle verstandig wees en goed dink wat julle doen, sodat julle kan bid soos ’n mens moet bid.

8Die belangrikste van alles is dat julle baie lief moet wees vir mekaar, want die liefde maak baie sondes toe.

© Bible Society of South Africa.

9Julle moet goed wees vir mekaar soos ’n mens goed is vir vreemdelinge, julle moenie daaroor kla nie.

10God het genadegawes gegee vir elkeen van julle en Hy is baie goed vir julle op verskillende maniere. Julle is God se bestuurders, en daarom moet julle mekaar dien, julle moet die genadegawes gebruik wat Hy vir julle gegee het.

11Wanneer iemand in die gemeente praat, dan moet dit wees soos wanneer God self met mense praat. Wanneer iemand die ander gelowiges dien, dan moet hy dien met die krag wat God vir hom gee. Jesus Christus laat hierdie mense dit doen sodat mense vir God kan prys. Ons prys God wat baie sterk is, ons prys Hom vir altyd en altyd. Amen.

Wanneer gelowiges swaarkry

12Liewe vriende, julle moenie verbaas wees wanneer julle baie swaar kry nie. Hierdie dinge toets julle en wil julle laat ophou om God te dien. Julle weet dat dit iets is wat kan gebeur.

13Julle kry swaar soos Christus swaargekry het, en julle moet bly wees. Dan sal julle nog baie meer bly kan wees op die dag wanneer almal sal sien dat Christus die Koning is.

14Wanneer ander mense vir julle beledig omdat julle aan Christus behoort, dan is julle gelukkige mense, want dan sal die Gees van Christus wat die Koning is, die Gees van God, by julle bly.

15Want niemand van julle moet swaarkry omdat hy ’n moordenaar is, of omdat hy ’n dief is, of omdat hy iemand is wat slegte dinge doen, of omdat hy nuuskierig is en praat oor ander mense nie.

16Maar as iemand swaarkry omdat hy in Christus glo, dan moet hy nie skaam wees nie. Nee, hy moet God prys omdat hy aan Christus behoort.

17God sal nou gou begin om mense te oordeel en Hy sal eerste begin oordeel by ons, ons wat die tempel van God is. Maar as God by óns begin om mense te oordeel, wat sal dan gebeur met die mense wat nie wou luister na die goeie boodskap wat van God kom nie? God sal hulle swaarder straf!

18 Dit is nie maklik om iemand te red wat reg lewe nie, maar dit is baie moeiliker om mense te red wat nie vir God dien nie, mense wat sondaars is.

19Dit alles beteken: Daar is mense wat swaarkry omdat God dit besluit het, maar hulle moet aanhou om goeie dinge te doen en hulle moet hulleself vir God gee. Dit is Gód wat vir ons gemaak het, en ons kan Hom vertrou.

1 Petrus 5

Die ouderlinge

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1-2Ek is ’n ouderling soos julle en ek is ’n getuie wat gesien het dat Christus baie swaar gekry het. Die tyd is ook nou baie naby wanneer almal sal sien dat Christus die Koning is, en ek sal dit ook sien. Daarom vra ek mooi vir julle wat ouderlinge is, om herders te wees wat sorg vir God se mense wat daar by julle is. Julle moet sorg vir hulle, nie omdat iemand sê julle móét dit doen nie, maar omdat julle dit graag wil doen en omdat God dit wil hê. Julle moet dit doen, nie omdat julle altyd meer dinge wil hê nie, maar omdat julle baie graag wil sorg vir hulle.

3God het mense vir julle gegee sodat julle vir hulle kan sorg. Julle moenie vir hulle verdruk nie, maar julle moet ’n goeie voorbeeld wees vir hulle.

4Christus is die Hoof van die herders, en wanneer Hy weer kom, dan sal julle die lourier-krans kry wat pas by ’n koning, dit is ’n kransie wat nie droog word en verlep nie.

5Ek het gepraat met die ouer mans en ek praat nou ook so met die jonger mans: Julle moet luister na die ouer mans, julle almal moet vir mekaar dien en julle moenie hoogmoedig wees nie, want: Wanneer mense dink dat hulle vir ander mense kan spot, dan spot God vir húlle. Wanneer mense weet dat hulle nie hulleself kan help nie, dan is God goed vir hulle.

Julle moet julleself verneder, dan sal God vir julle belangrik maak

6Julle moet julleself verneder voor God wat baie sterk is, dan sal Hý vir julle belangrik maak op die laaste dag.

7Julle moet alles waaroor julle bekommerd is, vir God sê, want Hy gee vir julle alles, Hy sorg vir julle.

8Julle moet goed dink wat julle doen en julle moet wakker wees. Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ’n leeu wat brul, hy soek iemand om op te vreet.

9Julle moet veg teen die duiwel, julle geloof moet baie vas wees. Julle moet weet dat daar mense in die hele wêreld is wat ook in Christus glo, soos julle, en hulle kry ook so swaar soos julle.

10Julle het al klaar ’n kort rukkie swaargekry, maar God is altyd baie goed. Hy het besluit dat julle wat aan Christus Jesus behoort, vir altyd by Hom moet wees, by Hom wat die Koning is. Dit is Hý wat vir julle sal gereedmaak, Hy sal julle help, Hy sal julle sterker maak, en Hy sal julle vas laat staan sodat julle nie sonde doen nie.

11God is baie sterk, vir altyd. Amen.

Petrus stuur groete

12Ek weet dat Silvanus ’n goeie vriend is, hy sal altyd doen wat hy belowe het. Hy het my gehelp om hierdie kort brief vir julle te skryf. Ek het geskryf om julle te bemoedig en te sê dat hierdie boodskap die waarheid is, die boodskap dat God baie goed is. Dit is hoekom julle moet aanhou glo.

© Bible Society of South Africa.

13 God het die gemeente in Babilon ook gekies soos Hy vir julle gekies het, en die gelowiges hier stuur groete vir julle. Markus, my seun, stuur ook groete vir julle.

14 Julle moet mekaar groet met die soen wat wys dat julle almal lief is vir mekaar. Ek bid dat God vir julle almal wat aan Christus behoort, vrede sal gee.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 Petrus

2 Petrus 1

Petrus groet almal wat sy brief lees

1 Ek, Simeon Petrus, is ’n dienaar en apostel van Jesus Christus. Ek skryf hierdie brief
vir julle wat ook soos ons glo in Jesus Christus. Dit is Christus wat vir ons almal in
Hom laat glo en daardie geloof in Hom is kosbaar. Hy is ons God en ons Redder en
Hy laat julle almal ook so glo in Hom.

2 Ons bid dat God genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle baie vrede sal gee. Hy
sal dit doen omdat julle vir God en Jesus ons Here reg leer ken het.

Hoe gelowiges moet lewe

3 God is sterk en Hy het vir ons alles gegee wat ons nodig het om so te lewe dat ons
Hom kan dien. Ons kán so lewe omdat ons Hom ken. Hy het ons gekies om aan Hom
te behoort, want Hy is die Koning en Hy doen groot dinge.

4 Hoekom het God belowe om vir ons kosbare en baie groot dinge te doen? Dit is
omdat Hy so groot en sterk is. Hy het dit gedoen sodat julle vry kan wees en kan
ophou om die slegte dinge te wil doen wat die mense van die wêreld graag wil doen,
dinge wat hulle laat sterf. Dan sal julle mense word wat soos God is en wat lewe soos
Hy.

5 God het baie dinge vir julle gedoen, en daarom moet julle hard probeer om nie net
te glo in Hom nie, maar ook om goeie dinge vir ander mense te doen en om wyse
mense te wees.

6 Julle moenie gou kwaad word nie, julle moet vas glo, julle moet vir God dien,

7 julle moet lief wees vir mekaar, julle moet lief wees vir al die mense.

8 As julle hierdie dinge doen en dit meer en meer doen, dan doen julle dinge wat vir
mense kan help en dan sal julle slaag met alles wat julle doen omdat julle ons Here
Jesus Christus goed ken.

9 Want as ’n mens hierdie dinge nie doen nie, dan is hy soos iemand wat baie sleg
sien, so sleg dat hy geestelik blind is. Ja, iemand wat nie hierdie dinge doen nie, het
vergeet dat God hom gereinig het van die sondes wat hy voorheen gedoen het.

10 My vriende, God het julle gekies en genooi om aan Hom te behoort. Daarom moet
julle baie hard probeer om so te lewe dat almal kan sien dat julle aan God behoort.
Julle moet so lewe, want dan sal julle aanhou glo en nie ontrou wees nie.

11 As julle só lewe, dan sal God sê dat julle baie welkom is daar waar ons Here Jesus
Christus vir altyd die Koning is en waar Hy regeer, Jesus Christus ons Redder.

Hoekom Petrus hierdie brief skryf

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12Julle weet hierdie dinge en julle is baie seker dat dit die waarheid is wat julle oor
Christus gehoor het. Maar ek sal aanhou om vir julle te sê dat julle moet onthou wat
ek hier vir julle geskryf het.

13Ek dink dit is reg dat ek vir julle moet sê dat julle moet onthou om aan hierdie
dinge te dink, ek moet dit sê terwyl ek nog lewe.

14Want ek weet dat ek nie meer lank sal lewe nie, ons Here Jesus Christus het dit vir
my gesê.

15Daarom sal ek hard probeer dat julle hierdie dinge altyd sal onthou, ook nadat ek
gesterf het.

Die boodskap oor Jesus Christus is baie vas en seker

16Ons het vir julle vertel dat ons Here Jesus Christus sterk is en dat Hy weer sal kom.
Dit was nie slim stories wat ander mense gemaak het en wat ons geglo het nie. Nee,
ons het self gesien dat Jesus Christus sterk is en alles kan doen.

17God die Vader het vir Jesus eer gegee en God het vir Jesus Koning gemaak. God is
self die Groot Koning, en Hy het gesê: “Dit is my Seun. Ek is lief vir Hom. Hy maak My
bly.”

18En ons het self gehoor dat God uit die hemel praat, ons het dit gehoor toe ons
saam met Jesus op die gewyde berg was.

19Daarom weet ons dat die boodskappe wat die profete gebring het, regtig waar is.
Dit sal goed wees as julle luister na die profete se boodskappe, want daardie
boodskappe is soos ’n lamp wat in die donker skyn totdat die dag kom wanneer
Christus weer sal kom. Dan sal Hy in julle harte sy lig laat skyn soos die môrester
skyn.

20Dit is belangrik dat julle dit moet weet: Die profete van die Ou Testament het nie
self die dinge gedink wat hulle gesê het nie.

21Want die profete het hulle boodskap gebring, nie omdat hulle self daardie dinge
wou sê nie, nee, die Heilige Gees het mense laat sê wat God sê.

2 Petrus 2

Petrus waarsku gelowiges teen mense wat vir hulle vals dinge sal leer

1Daar was ook vals profete by die volk van God. So sal daar ook vals leermeesters by
julle wees. Hulle sal vir mense hierdie vals dinge leer, maar die mense sal nie weet
dat dit verkeerd is nie. Hierdie vals dinge sal die mense verlore laat gaan. Hierdie
vals profete sal ook sê dat hulle nie aan die Here behoort nie, die Here wat vir hulle
losgekoop het. Daarom sal dit hulle eie skuld wees dat hulle verlore sal gaan, dit sal
skielik gebeur.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 En baie mense wat sê dat hulle gelowiges is, sal soos daardie vals profete ook alles
doen wat hulle wil doen. Daarom sal die ander mense wat nie gelowiges is nie, slegte
dinge sê oor die lewe van die mense wat glo dat die goeie boodskap die waarheid is.

3 Hierdie vals leermeesters wil altyd meer en meer goed hê vir hulleself, daarom sal
hulle verkeerde stories vir julle vertel om julle te bedrieg. Maar God het lank gelede
klaar besluit om hulle te straf, en Hy sal dit doen, Hy sal hulle verlore laat gaan.

4 God sal hulle straf. Hy was voorheen nie jammer vir die engele wat sonde gedoen
het nie. Nee, Hy het hulle in die onderwêreld gegooi. Hy het hulle met kettings in die
donker vasgebind en Hy het hulle gelos om daar gevangenes te bly totdat
die oordeelsdag kom.

5 God was ook lank gelede nie jammer vir die sondige wêreld nie toe Hy
die watervloed oor die wêreld van die sondaars laat kom het. Maar Noag het in
daardie tyd die boodskap gebring dat mense reg moet lewe voor God, en God het vir
Noag gered. God het ook sewe ander mense saam met Noag gered uit die
watervloed.

6 God het ook die stede Sodom en Gomorra gestraf en Hy het hulle verbrand
en verwoes. Hy het dit gedoen om die ander mense te waarsku dat Hy sondaars sal
straf.

7 Maar God het vir Lot gered. Lot het reg gelewe en hy was baie geskok oor die lewe
van die mense wat nie gehoorsaam was aan die wette van God nie, daardie mense
het gedoen wat hulle wil.

8 Want Lot het reg gelewe, maar hy het gewoon by die mense wat nie gehoorsaam
was aan die wette van God nie, en hy het elke dag gesien en gehoor wat hulle
gedoen het. Die dinge wat hulle gedoen het, het elke dag vir Lot baie geskok, want
Lot het reg gelewe.

9 Maar die Here weet dat Hy die mense sal red wat Hom dien, Hy sal hulle red
wanneer hulle baie swaar kry, en Hy sal die mense wat verkeerd lewe, aanhou straf
totdat die oordeelsdag kom.

10 Vir wie sal die Here die meeste straf? Hy sal die mense straf wat graag dinge wil
doen wat ’n skande is en wat hulleself vuil van die sonde laat word. Hulle dink die
Here wat regeer, is nie belangrik nie.

Die sondes van die vals leermeesters

Hierdie vals leermeesters praat verkeerd, maar hulle is nie bekommerd daaroor nie.
Hulle dink hulle is beter as ander mense. Daarom is hulle nie bang om slegte dinge te
sê oor die engele nie.

11 Maar die Here se engele is sterker en hulle het meer krag as die vals leermeesters.
Die Here se engele beskuldig nie die ander engele nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

12 En hierdie vals leermeesters is soos diere wat nie verstand het nie, diere wat
gebore is sodat mense hulle kan vang en doodmaak. Daarom praat die vals
leermeesters sleg oor dinge wat hulle nie verstaan nie. Die Here sal hulle ook
doodmaak soos die mense wilde diere doodmaak.

13 Hulle sal swaarkry, dit is die straf vir die slegte dinge wat hulle doen. Hulle geniet
dit om ook in die dag fees te vier en om te veel te eet en te drink. Hulle is soos vuil
kolle op klere. Terwyl hulle saam met julle feesvier, hou hulle aan om mense
te bedrieg, en so bring hulle skande oor julle.

14 Hulle soek altyd vroue wat seks wil hê met hulle, hulle wil altyd meer en meer
sonde doen. Party mense se geloof is nie sterk nie, die vals leermeesters wil daardie
mense verlei. Hulle wil altyd meer en meer dinge hê. Die Here sal hulle vervloek.

15 Die vals leermeesters doen hierdie dinge omdat hulle opgehou het om te lewe
soos die Here wil hê. Hulle het gedoen wat Bileam seun van Bosor gedoen het.
Bileam was baie lief vir geld en daarom het hy verkeerde dinge gedoen om
die beloning te kry.

16 Maar die Here het gesê Bileam doen iets wat verkeerd is. ’n Donkie het vir Bileam
die profeet gekeer sodat hy nie ’n dom ding gedoen het nie. ’n Donkie is ’n dier wat
nie kan praat nie, maar hierdie donkie het met Bileam gepraat soos ’n mens praat.

17 Hierdie vals leermeesters is soos fonteine wat droog is, daar kom nie water uit nie.
Hulle is soos miswolke, ’n stormwind waai hulle weg. Daarom het die Here vir hulle
’n plek gereedgemaak in die donker plek, die baie donker plek.

18 Hulle dink hulle sê baie belangrike dinge, maar hulle woorde beteken niks. Hulle
wil mense verlei om ook slegte dinge te doen, mense wat probeer om weg te kom
van mense wat verkeerd lewe.

19 Die vals leermeesters belowe dat hulle die mense vry sal maak, maar die vals
leermeesters is self slawe van alles wat sleg en swak is, want wanneer iets jou
oorwin het, dan is jy sy slaaf.

20 Die vals leermeesters het voorheen die vuil dinge van die wêreld gedoen, maar
hulle het dit gelos omdat hulle ons Here en Redder Jesus Christus goed leer ken het.
Maar toe het hulle weer die vuil dinge begin doen en hulle het slawe geword van
daardie vuil dinge. Wanneer dit gebeur, dan is hulle nog slegter as wat hulle
voorheen was.

21 As hulle nie geweet het wat die Here sê en hoe hulle moet lewe nie, dan was dit
beter vir hulle. Maar nou weet hulle dit, hulle het dit gehoor by die apostels, maar
hulle het opgehou om te doen wat die Here wil hê.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

22Hulle het gedoen soos die spreekwoorde sê, spreekwoorde wat waar is: ’n Hond kom terug na die kos wat hy opgebring het en ’n Vark wat skoon gewas is, gaan terug om weer in die modder te rol.

2 Petrus 3

Wat sal gebeur wanneer die Here weer kom

1My vriende, dit is die tweede brief wat ek vir julle skryf. In hierdie brief en ook in die eerste brief wil ek vir julle help om reg te dink

2sodat julle kan onthou wat die gewyde profete voorheen gesê het. Julle moet ook die wette van die Here en Redder onthou, die wette wat Hy vir die apostels gegee het om vir julle te gee.

3Dit is belangrik dat julle dit moet weet: In die laaste dae van die wêreld sal daar mense kom wat baie sal spot met ander mense. Hulle sal spot en hulle sal die slegte dinge doen wat hulle graag wil doen.

4Hulle sal sê: “Die Here het belowe dat Hy weer sal kom, maar hoekom het Hy nog nie gekom nie? Want ons voorvaders het lank gelede gesterf, maar alles bly dieselfde soos dit van die begin af was toe God alles gemaak het.”

5Die mense wat spot, sal hierdie dinge sê, want hulle wil nie onthou dat die hemel lank gelede klaar daar was en dat die aarde uit die water gekom het nie. God het gesê dit moet so wees. Hy het die aarde uit die water laat kom.

6God het gesê die water moet oor die wêreld van daardie tyd vloei en dit moet die wêreld verwoes.

7Dit is ook God wat gesê het dat die hemel en die aarde wat nou daar is, nog daar moet wees en dat Hy dit sal verbrand op die oordeelsdag wanneer Hy die sondaars vir altyd sal laat sterf.

Die Here sal weer kom om sondaars te straf

8Maar my vriende, julle moenie hierdie een ding vergeet nie. Een dag is vir die Here soos 1 000 jaar, en 1 000 jaar is vir Hom soos een dag.

9Party mense dink dat die Here ’n lang tyd neem om te doen wat Hy belowe het. Maar dit is nie waar nie. Nee, die Here is jammer vir julle, want Hy wil nie hê dat party mense verlore moet gaan nie. Hy wil hê dat al die mense moet lewe soos Hy wil hê hulle moet lewe.

10Maar die dag van die Here sal kom wanneer niemand sal dink dat dit sal gebeur nie. Daardie dag sal kom soos ’n dief wat kom wanneer niemand dink dat hy sal kom nie. Op daardie dag sal dit baie hard raas en dreun, en die hemel sal verdwyn. Die sterre in die lug sal smelt en verdwyn. Die Here weet wat almal op die aarde gedoen het en Hy sal hulle oordeel.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11 God sal al hierdie dinge so laat verdwyn, daarom moet julle ook julle hele lewe aan
God wy en daarom moet julle Hom dien.

12 Julle moet wag vir die dag van God, julle moet wens dat die dag gou sal kom. Op
daardie dag sal die hemel en die sterre verbrand en smelt en verdwyn.

13 Maar ons wag vir die nuwe hemel en nuwe aarde wat God belowe het, daar sal
mense altyd doen wat God wil hê.

14 Daarom, my vriende, terwyl julle wag dat hierdie dinge sal gebeur, moet julle
heeltemal reg lewe. Julle moet probeer om nie dinge te doen waaroor julle skaam sal
moet wees nie, en julle moet in vrede lewe.

15 Julle moet ook weet dat ons Here geduldig is omdat Hy mense wil red. Hy het vir
ons liewe vriend, Paulus, wysheid gegee, en Paulus het ook hierdie dinge vir julle
geskryf.

16 Hy het dit ook in al sy briewe geskryf, briewe waarin hy oor hierdie dinge gepraat
het. In sy briewe is daar party dinge wat ’n mens moeilik verstaan. Mense wat nog
nie alles verstaan wat gelowiges moet weet nie en mense wie se geloof nog nie sterk
genoeg is nie, verstaan hierdie moeilike dinge verkeerd. Hulle verstaan die ander
boeke van die Bybel ook verkeerd. Omdat hulle dit doen, sal hulle verlore gaan.

Petrus prys God omdat Hy die gelowiges help

17 My vriende, julle weet klaar dat hierdie dinge later sal gebeur. Daarom moet julle
baie goed oppas, want daar is mense wat nie gehoorsaam is aan die wette van God
nie. Julle moenie dat hulle vir julle ook laat lewe soos hulle lewe nie, want dan sal
julle nie meer seker wees van die dinge wat julle glo nie.

18 Nee, julle moet aanhou om meer en meer te glo in die genade van ons Here
en Redder, Jesus Christus, en om Hom beter te leer ken. Daarom moet ons Hom
prys, nou en vir altyd. Amen.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

1 Johannes

1 Johannes 1

Jesus Christus gee ware lewe

1Ons skryf vir julle oor Jesus Christus. Hy is die Woord wat vir mense ware lewe gee.
Toe Hy op die aarde was, het ons gehoor wat Hy sê en ons het Hom self met ons oë
gesien. Ja, ons het Hom gesien en ons het met ons hande aan Hom geraak.

2Jesus Christus wat vir ons ware lewe gee, het ’n mens geword. Ons het Hom gesien
en ons vertel vir julle en sê Jesus is self die ewige lewe. Hy was by die Vader, maar
Hy het ’n mens geword by ons.

3Ons het Hom gesien en ons het gehoor wat Hy sê, en ons vertel ook vir julle van
Hom sodat julle en ons aan mekaar kan behoort. Dan behoort ons saam aan die
Vader en sy Seun, Jesus Christus.

4Ons skryf al hierdie dinge vir julle en dit maak ons baie bly, ons harte is vol blydskap.

God is lig

5Ons vertel vir julle wat ons by Jesus gehoor het. Hy het gesê God is lig en daar is niks
donker in Hom nie.

6As ons sê ons behoort aan God, maar ons lewe in die donker, nie in die lig van God
nie, dan lieg ons en dan doen ons nie wat God wil hê nie.

7Maar as ons in die lig lewe, soos God in die lig is, dan behoort ons aan mekaar.
Dan reinig die bloed van Jesus, die Seun van God, ons van al ons sonde.

8As ons sê ons doen nie sonde nie, dan bedrieg ons onsself en dan aanvaar ons nie
die waarheid nie.

9Maar as ons bely dat ons sonde gedoen het, dan kan ons seker wees dat God sal
doen wat Hy belowe het en dat Hy regverdig is. Ja, Hy vergewe ons sondes en Hy
reinig ons van alles wat ons verkeerd gedoen het.

10As ons sê ons het nie sonde gedoen nie, dan beteken dit ons sê dat God lieg. Dan
aanvaar ons nie wat God vir ons sê nie.

1 Johannes 2

1Liewe vriende, ek skryf hierdie dinge vir julle omdat ek wil hê julle moenie sonde
doen nie. Maar as ons sonde doen, dan kan ons seker wees dat ons Iemand by die
Vader het wat vir Hom vra om ons te vergewe. Dit is Jesus Christus, Hy wat nie sonde
gedoen het nie.

© Bible Society of South Africa.

2Jesus het gesterf, Hy was die offer. God het Hom gebruik om ons sonde te versoen. Maar nie net óns sonde nie, Hy het ook die sonde van al die mense in die wêreld versoen.

Julle moet doen wat God wil hê

3As ons doen wat God se wette vir ons sê, dan weet ons dat ons Hom ken.

4As mense sê hulle ken God, maar hulle doen nie wat Hy sê hulle moet doen nie, dan lieg hulle en hulle aanvaar nie die waarheid nie.

5Maar as mense doen wat God vir hulle sê, dan kan ’n mens sien dat hulle regtig baie lief is vir God. As ons só lewe, dan weet ons dat ons by God is.

6As mense sê hulle is by God, dan moet hulle lewe soos Jesus gelewe het.

7Liewe vriende, ek gee nie vir julle ’n nuwe wet nie. Dit is ’n ou wet wat julle van die begin af het, ’n wet wat ons by Jesus gehoor het.

8Maar ’n mens kan ook sê dit is ’n nuwe wet wat ek vir julle gee, want wat Jesus gedoen het en wat julle doen, maak die wet nuut en waar. Die donker gaan verby en die ware lig skyn nou.

9As mense sê dat hulle in die lig van God lewe, maar hulle haat ander gelowiges, dan lewe daardie mense nog altyd in die donker.

10As mense lief is vir ander gelowiges, dan bly hulle in die lig. Daar is niks wat hulle verkeerde dinge laat doen nie.

11As mense ander gelowiges haat, dan lewe hulle in die donker. Hulle is soos mense wat in die donker loop en nie weet waarnatoe hulle gaan nie, want die donker maak hulle blind.

Julle moenie lief wees vir die wêreld nie

12Vriende, ek skryf hierdie brief vir julle, julle kan seker wees dat God julle sondes vergewe het.

13Julle wat eerste begin het om te glo, ek skryf hierdie brief vir julle, julle kan seker wees dat julle Jesus van die begin af ken. Julle wat later begin het om te glo, ek skryf hierdie brief vir julle, julle kan seker wees dat julle die duiwel oorwin het.

14Ja, vriende, ek skryf hierdie brief vir julle, julle kan seker wees dat julle die Vader ken. Julle wat eerste begin het om te glo, ek skryf hierdie brief vir julle, julle kan seker wees dat julle Jesus van die begin af ken. Julle wat later begin het om te glo, ek skryf hierdie brief vir julle, julle kan seker wees dat julle sterk is en dat julle alles aanvaar wat God sê en dat julle die duiwel oorwin het.

15Julle moenie lief wees vir hierdie sondige wêreld en vir die dinge van die wêreld nie. As julle lief is vir die wêreld, dan is julle nie lief vir die Vader nie.

© Bible Society of South Africa.

16Die mense van die wêreld doen graag slegte dinge, hulle wil alles hê wat hulle sien, hulle is hoogmoedig oor wat hulle doen. Dit alles kom van die wêreld, dit kom nie van die Vader nie.

17Die wêreld en die dinge wat die mense van die wêreld graag doen, sal verdwyn, maar almal wat doen wat God wil hê, sal altyd lewe.

Die antichriste

18Vriende, die einde van die wêreld is naby. Julle het gehoor dat die antichris kom. Daar is nou baie antichriste, en daarom weet ons dat die einde van die wêreld naby is.

19Die antichriste was eers by ons, maar hulle het nooit saam met ons geglo nie. As hulle saam met ons geglo het, dan sou hulle by ons gebly het. Maar nou is hulle weg en almal kan sien dat hulle nie saam met ons geglo het nie.

20Maar julle is anders. Jesus, wat self heilig is, het julle met die Heilige Gees gesalf, en julle almal weet genoeg.

21Ek skryf nie hierdie brief vir julle omdat julle nie die waarheid ken nie. Julle ken die waarheid, en julle weet dat iets wat nou die waarheid is, nie later ’n leuen sal wees nie.

22Weet julle wie is die mense wat nie die waarheid praat nie? Dit is die mense wat nie wil aanvaar dat Jesus die Christus is nie. Hulle is die antichriste. Hulle aanvaar nie die Vader nie en hulle aanvaar ook nie die Seun nie.

23Almal wat nie die Seun aanvaar nie, behoort nie aan die Vader nie, maar almal wat in die Seun glo en wat dit sê, behoort aan die Vader.

24Julle moet die boodskap aanvaar wat julle van die begin af gehoor het. As julle dit aanvaar, dan is julle by die Seun en die Vader.

25En Jesus het belowe dat Hy ons altyd sal laat lewe.

26Ek skryf hierdie brief vir julle om julle te waarsku dat daar mense is wat vir julle verkeerd wil leer.

27Maar julle moet onthou dat Jesus julle met die Heilige Gees gesalf het, en die Heilige Gees bly in julle harte. Daarom is dit nie nodig dat iemand anders vir julle leer nie. Jesus het julle met die Heilige Gees gesalf, en die Heilige Gees leer vir julle alles. Hy praat die waarheid, Hy lieg nie. Hy het vir julle geleer om by Jesus te bly, en dit moet julle doen.

Kinders van God

28Vriende, julle moet by Jesus bly. Dan, wanneer Jesus weer kom, sal ons nie bang wees nie, ons sal nie wil wegvlug van Hom nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

29Julle weet dat Jesus altyd gehoorsaam is aan God. Daarom moet julle ook onthou: Almal wat lewe soos God wil hê, is kinders van God.

1 Johannes 3

1Julle kan seker wees dat die Vader baie lief is vir ons. Hy het ons sy kinders gemaak en nou is ons kinders van God. Die mense van die wêreld wou nie vir God ken nie. Daarom wil hulle ons ook nie ken nie.

2Vriende, ons is nou kinders van God. Ons weet nog nie presies hoe wonderlik ons eendag sal wees nie, maar ons weet dit: Wanneer Jesus kom, dan sal ons wees soos Hy, want ons sal Hom sien soos Hy regtig is.

3Almal wat seker is dat Jesus weer kom, reinig hulleself sodat hulle rein is, soos Jesus rein is.

4Almal wat sonde doen, doen nie wat God se wette sê nie, want wanneer iemand nie doen wat God se wette sê nie, dan doen hy sonde.

5Julle weet dat Jesus na die aarde gekom het om sondes weg te neem, Hy wat self niks sonde gedoen het nie.

6Mense wat aan Hom behoort, hou nie aan om sonde te doen nie, maar mense wat aanhou om sonde te doen, glo nie in Hom nie en hulle ken Hom nie.

7Vriende, julle moenie luister na mense wat verkeerde dinge vir julle leer nie. Mense wat lewe soos God wil hê, is gehoorsaam aan God, soos Jesus gehoorsaam is aan God.

8Maar mense wat aanhou om sonde te doen, is kinders van die duiwel, want die duiwel doen van die begin af sonde. Die Seun van God het na die wêreld gekom sodat die duiwel nie sal kan doen wat hy wil doen nie.

9Mense wat God se kinders is, hou nie aan om sonde te doen nie, want God het die ware lewe in hulle harte laat begin. Hulle kan nie aanhou om sonde te doen nie, want hulle is God se kinders.

10Hoe weet ’n mens wie is kinders van God en wie is kinders van die duiwel? Kinders van God doen wat God wil hê en hulle is lief vir die ander gelowiges.

Gelowiges moet lief wees vir mekaar

11Toe julle begin het om in Jesus te glo, het julle gehoor dat julle lief moet wees vir mekaar.

12Julle moenie soos Kain wees nie. Hy was ’n kind van die duiwel en hy het sy broer vermoor. Hoekom het hy sy broer vermoor? Hy het dit gedoen omdat hý slegte dinge gedoen het, maar sy broer het gedoen wat God wil hê.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

13Vriende, wanneer die mense van die wêreld vir julle haat, dan moet julle nie verbaas wees nie.

14Ons weet dat ons nie meer geestelik dood is nie, ons lewe. Ons weet dit omdat ons lief is vir die ander gelowiges. Mense wat nie lief is vir ander gelowiges nie, is nog geestelik dood.

15Mense wat ander gelowiges haat, is moordenaars, en julle weet dat moordenaars nie die ewige lewe het nie.

16Jesus het vir ons gewys wat liefde is, want Hy het gesterf sodat ons kan lewe. En so moet ons ook sterf sodat die ander gelowiges kan lewe.

17Mense wat baie goed het, sien miskien dat ’n ander gelowige iets nodig het, maar hulle is nie jammer vir hom nie en hulle wil hom nie help nie. Daardie mense wys dat hulle nie lief is vir God nie.

18Vriende, ons moet lief wees vir die ander gelowiges, maar ons moet dit nie net sê nie. Ons moet dinge dóén wat wys dat ons lief is vir hulle omdat ons weet wat die waarheid is.

19-20As ons daardie dinge doen, dan sal ons weet dat God sy waarheid vir ons gegee het. As ons skuldig voel en dink God moet ons straf, dan moet ons nie bang wees vir God se oordeel nie. Want ons weet dat God belangriker is as die dinge wat ons in ons harte voel. En God weet alles.

21Vriende, ons voel nie skuldig nie en ons is nie bang vir God se straf nie, daarom is ons ook nie bang om vir Hom iets te vra nie.

22En God gee vir ons wat ons vra, want ons doen die dinge wat Hy sê ons moet doen, dinge waarvan Hy hou.

23God wil hê dat ons in sy Seun Jesus Christus moet glo en dat ons lief moet wees vir mekaar. Jesus het gesê ons moet dit doen.

24As ons doen wat God sê, dan bly ons by Hom en Hy bly by ons. En ons weet dat Hy by ons bly, want Hy het vir ons die Heilige Gees gegee.

1 Johannes 4

Jesus was regtig ’n mens

1Vriende, julle moenie vir almal glo wat sê dat hulle God se Gees in hulle het nie. Julle moet uitvind of hulle regtig God se Gees het, want daar is baie vals profete in die wêreld.

2Hoe moet julle uitvind of iemand die Gees van God het? As mense sê hulle glo dat Jesus Christus regtig ’n mens geword het, dan het hulle die Gees van God.

© Bible Society of South Africa.

3Maar mense wat sê dat hulle dit nie glo nie, het nie die Gees van God nie. Hulle het die gees van die antichris. Julle het gehoor dat die antichris sal kom. Maar ek sê vir julle, hy is nou al klaar hier in die wêreld.

4Vriende, julle is kinders van God. Julle het die vals profete oorwin, want God is by julle en Hy is sterker as die Satan wat by die mense van die wêreld is.

5Die vals profete is mense van die wêreld. Daarom praat hulle soos die mense van die wêreld, en die mense van die wêreld doen wat die vals profete sê.

6Maar ons is kinders van God. Almal wat vir God ken, doen wat ons sê. Almal wat nie kinders van God is nie, doen nie wat ons sê nie. Daarom weet ons wie het 'n gees wat lieg en wie het God se Gees, die Gees van die waarheid.

Julle moet lief wees vir mekaar

7Vriende, ons moet lief wees vir mekaar, want liefde kom van God. Almal wat lief is vir ander mense, is kinders van God en hulle ken vir God.

8Mense wat nie lief is vir ander mense nie, ken nie vir God nie, want God is liefde.

9God het vir ons gewys hoe lief Hy vir ons is toe Hy sy Seun na die wêreld gestuur het. Niemand anders is soos sy Seun nie. Sy Seun het gekom om vir ons ware lewe te gee.

10Ware liefde is nie dat óns lief was vir God nie, maar dat Gód lief was vir ons en dat Hy sy Seun gestuur het. Sy Seun het gesterf, Hy was die offer wat ons sonde weggeneem het en wat ons met God versoen het.

11Vriende, God het vir ons gewys hoe lief Hy vir ons is, daarom moet ons ook lief wees vir mekaar.

12Niemand het vir God gesien nie, nooit. As ons lief is vir mekaar, dan bly God by ons en dan is ons harte vol van sy liefde.

13Ons weet dat ons by God bly en dat Hy by ons bly, want Hy het sy Gees vir ons gegee.

14Ons het gesien en nou vertel ons dat die Vader sy Seun gestuur het sodat die Seun die Redder van die wêreld kon word.

15As mense sê hulle glo dat Jesus die Seun van God is, dan is God by hulle en hulle is by God.

16Ons het gesien en geglo dat God lief is vir ons. God is liefde, en almal wat vashou aan sy liefde, bly by Hom en Hy bly by hulle.

17Ons harte het vol geword van God se liefde, en daarom is ons nou nie bang vir die oordeelsdag nie. Ons is nog in die wêreld, maar ons is nie bang om by God te wees nie, soos Jesus nie bang is om by God te wees nie.

© Bible Society of South Africa.

18Mense wat liefde in hulle harte het, is nie bang nie, want as hulle regtig liefde in hulle harte het, dan kan hulle nie meer bang wees nie. Mense is altyd bang vir straf. Die mense wat bang is dat God hulle sal straf, is die mense wat nie regtig liefde in hulle harte het nie.

19Ons is lief vir God en vir mekaar, want God was eerste lief vir ons.

20Wanneer mense sê hulle is lief vir God, maar hulle haat ander gelowiges, dan lieg hulle. Hulle kan die ander gelowiges sien, maar is nie lief vir hulle nie. Kan hulle dan lief wees vir God, God vir wie hulle nie sien nie? Nee.

21God het vir ons gesê as ons lief is vir Hom, dan moet ons ook lief wees vir die ander gelowiges.

1 Johannes 5

Gelowiges moet glo wat God vir hulle sê oor Jesus

1Almal wat glo dat Jesus die Christus is, is kinders van God, en almal wat lief is vir God die Vader, is ook lief vir God se ander kinders.

2Ons weet dat ons lief is vir die kinders van God wanneer ons lief is vir God en ons doen wat Hy vir ons sê.

3Ja, ons is lief vir God as ons doen wat Hy vir ons sê. En dit is maklik om te doen wat God vir ons sê, want

4elke kind van God oorwin die wêreld. Ons oorwin die wêreld wanneer ons in Jesus glo.

5Ja, as ons glo dat Jesus die Seun van God is, dan oorwin ons die wêreld.

6Ons weet dat Jesus Christus die Seun van God is, want Hy is gedoop en Hy het vir ons sonde gesterf. Ja, Hy is nie net gedoop nie, Hy het ook vir ons sonde gesterf. Ons weet dit omdat die Heilige Gees dit vir ons gesê het, die Gees wat altyd die waarheid praat.

7Daarom is daar drie wat sê dit is die waarheid:

8die Heilige Gees, Jesus se doop en Jesus se dood. Al drie sê dieselfde oor Jesus.

9Ons glo wat mense vir ons sê. Maar wat God vir ons sê, is baie belangriker, en dit is God wat vir ons vertel het van sy Seun.

10Almal wat glo in die Seun van God, glo wat God vir hulle gesê het oor Jesus. Maar almal wat nie vir God glo nie, sê dat God lieg, want hulle glo nie wat Hy oor sy Seun gesê het nie.

11God het vir ons gesê dat Hy vir ons die ewige lewe gee. Ja, sy Seun gee vir ons die ewige lewe.

© Bible Society of South Africa.

12 Almal wat in die Seun glo, het die ewige lewe, maar almal wat nie in die Seun glo
nie, het nie die ewige lewe nie.

Gelowiges is nie bang vir God nie

13 Ek skryf al hierdie dinge vir julle sodat julle seker kan wees dat julle die ewige lewe
het, julle wat in die Seun van God glo.

14 Wanneer ons by God is, dan is ons nie bang nie, want ons weet dat Hy luister
wanneer ons die dinge vir Hom vra wat Hy wil hê ons moet vra.

15 Hy luister wanneer ons dit vra. Daarom weet ons dat Hy al klaar vir ons iets gegee
het wanneer ons dit vir Hom vra.

16 Wanneer julle sien dat die ander gelowiges sonde doen, en dit is sonde wat God
sal vergewe, dan moet julle bid vir daardie gelowiges. Julle moet bid vir die gelowiges
wat sonde doen wat God sal vergewe. As julle vir hulle bid, dan sal God die ewige
lewe vir hulle gee. Maar daar is ook sonde wat God nie sal vergewe nie, en ek sê nie
dat julle daarvoor moet bid nie.

17 Alles wat verkeerd is, is sonde, maar daar is sonde wat God vergewe, en daar is
sonde wat God nie vergewe nie.

18 Ons weet dat kinders van God nie aanhou om sonde te doen nie, want die Seun
van God beskerm hulle. Daarom kan die duiwel niks aan hulle doen nie.

19 Ons weet dat ons kinders van God is en dat die duiwel regeer oor al die ander
mense.

20 Ons weet dat die Seun van God gekom het en dat Hy ons gehelp het om die ware
God te leer ken. Nou is ons by die ware God en by sy Seun, Jesus Christus. Jesus is
regtig God, Hy gee vir ons die ewige lewe.

21 Vriende, julle moet oppas vir die afgode!

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

2 Johannes

2 Johannes 1

1Ek, die ouderling, skryf hierdie brief vir julle. God het julle gemeente gekies en ook
almal wat aan julle gemeente behoort. Ek is lief vir julle, want julle weet wat die
waarheid is wat van God kom. En dit is nie net ek wat lief is vir julle nie. Almal wat
die waarheid ken wat van God kom, is ook lief vir julle,

2want die waarheid bly in ons harte en dit sal altyd by ons wees.

3Ek bid dat God die Vader en Jesus Christus, die Seun van die Vader, genadig sal
wees vir ons en dat Hy vir ons goed sal wees wanneer ons swaarkry. En ek bid dat Hy
vir ons vrede sal gee, sodat ons God se waarheid en liefde sal ken.

4Ek was baie bly toe ek party van julle gelowiges ontmoet het, mense wat lewe soos
die Vader wil hê. Ja, Hy het gesê ons moet so lewe.

5Gemeente, ek vra nou vir julle om lief te wees vir mekaar. Dit is nie ’n nuwe wet wat
ek vir julle gee nie. Ons het hierdie wet van die begin af.

6As ons lief is vir mekaar, dan doen ons wat God vir ons sê. Dit is die wet wat julle
van die begin af gehoor het. Dít is wat julle moet doen.

7Daar is baie mense wat weggegaan het van ons en wat leuens vertel in die wêreld.
Hulle sê hulle glo nie dat Jesus Christus regtig ’n mens was nie. Iemand wat so iets sê,
lieg. Hy is die antichris.

8Julle moet versigtig wees! As julle nie versigtig is nie, sal julle alles verloor waarvoor
ons gewerk het. As julle versigtig is en dit nie verloor nie, dan sal God die
hele beloning vir julle gee.

9Daar is mense wat anders glo as wat Christus vir ons geleer het. Hulle het nie vir
God in hulle harte nie. Maar almal wat aanhou glo wat Christus vir ons geleer het,
het die Vader en die Seun in hulle harte.

10As daar mense by julle aankom en hulle wil vir julle iets anders leer as wat Christus
geleer het, dan moet julle sê hulle mag nie in julle huise inkom nie. Julle moenie vir
hulle sê hulle is welkom nie,

11want as julle sê dat hulle welkom is, dan doen julle ook slegte dinge soos hulle.

12Daar is baie ander dinge wat ek ook vir julle wil sê, maar ek wil dit nie in ’n brief
skryf nie. Ek hoop ek sal na julle toe kan kom. Dan kan ons met mekaar praat en dan
sal ons almal baie bly wees.

13God het ook ons gemeente gekies. Al die gelowiges in ons gemeente stuur groete
vir julle.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3 Johannes

3 Johannes 1

1Liewe Gaius, ek, die ouderling, skryf hierdie brief vir jou. Ek is lief vir jou, want ons altwee ken die waarheid wat van God kom.

2Liewe vriend, ek bid dat alles goed sal gaan met jou. Ek bid dat dit met jou gesondheid ook goed sal gaan, so goed soos dit met jou geloof gaan.

3Ek was baie bly toe party van die gelowiges van ons gemeente kom vertel het dat jy die waarheid ken en doen wat God vir ons sê.

4Dit maak my baie baie bly wanneer ek hoor dat ons gelowiges doen wat God vir ons sê.

5Liewe vriend, jy doen altyd die regte dinge, want jy help al die gelowiges wat daar by jou aankom, en dit is gelowiges wat jy nie ken nie.

6Hulle het vir die gemeente hier vertel van jou liefde. Ek stuur hulle nou weer na jou toe. Dit sal goed wees as jy hulle help sodat hulle verder kan gaan soos God wil hê hulle moet gaan.

7Hulle gaan om vir ander mense van Christus te vertel, maar die mense wat nie gelowiges is nie, gee vir hulle niks.

8Daarom, ons moet mense help wat vir ander mense van Christus vertel. As ons dit doen, dan help ons hulle om die waarheid vir almal te vertel.

9Ek het ’n brief vir die gemeente in julle stad geskryf, maar Diotrefes doen nie wat ons vra nie. Hy hou daarvan om die belangrikste in die gemeente te wees.

10Daarom, wanneer ek na julle toe kom, dan sal ek vir julle gemeente alles vertel wat hy gedoen het. Hy skinder van my, en hy doen ook ander slegte dinge. Hy wil ook nie ander gelowiges laat inkom in julle gemeente nie, en as daar mense is wat die ander gelowiges laat inkom, dan skop hy daardie mense uit die kerk.

11Liewe vriend, daar is mense wat slegte dinge doen. Maar jy moenie dit doen nie. Jy moet goeie dinge doen. Almal wat goed doen, is God se kinders. Maar almal wat sleg doen, glo nie in God nie.

12Ek stuur ook vir Demetrius na jou toe. Almal praat goed van hom. Die dinge wat hy doen, wys ook dat hy goed is. Ek praat ook goed van hom en jy weet dat ek die waarheid praat.

13Ek het nog baie dinge wat ek vir jou wil sê, maar ek wil dit nie in ’n brief skryf nie.

14Ek hoop om jou gou te sien. Dan kan ons met mekaar praat.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Ek bid dat God vir jou vrede sal gee. Al die vriende hier by my stuur groete vir jou.
Sê groete vir elkeen van die vriende daar by jou.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Judas

Judas 1

Judas groet die mense wat hierdie brief lees

1 Ek, Judas, skryf hierdie brief vir julle. Ek is ’n dienaar van Jesus Christus en ek is ’n
broer van Jakobus. God het julle gekies om aan Hom te behoort. Julle weet dat God
die Vader lief is vir julle en dat Jesus Christus julle goed oppas.

2 Ons bid dat God baie goed sal wees vir julle, dat Hy vir julle baie vrede sal gee en
baie lief sal wees vir julle.

Julle moet oppas vir mense wat vir julle verkeerd wil leer

3 My vriende, ek wou baie graag vir julle geskryf het dat God vir ons en vir julle almal
gered het. Maar dit is nou belangrik dat ek dadelik vir julle skryf en vir julle ernstig
vra om aan te hou werk vir die goeie boodskap. Ons wat in Christus glo, hou vas aan
hierdie boodskap. God het hierdie goeie boodskap klaar gegee vir die mense wat aan
Hom behoort.

4 Ek skryf nou hierdie dinge vir julle, want party mense het skelm na julle toe gekom.
Hulle verander die boodskap van ons God se genade sodat hulle die slegte dinge kan
doen wat hulle wil doen. Hulle is ook bang om vir mense te sê hulle behoort aan
Jesus Christus, ons enigste Eienaar en Here. In die Ou Testament is lank gelede
geskryf dat daardie mense die sondaars is, God sal vir húlle oordeel.

Drie voorbeelde in die Ou Testament: God oordeel sondaars

5 Ek weet dat julle al hierdie dinge weet, maar ek wil dit weer vir julle sê. Die Here het
lank gelede die mense van Israel uit die land Egipte gered. Maar later het Hy die
mense wat nie in Hom geglo het nie, verlore laat gaan.

6 Julle onthou ook die engele wat nie aangehou het om te doen wat hulle moes doen
nie. Hulle het weggegaan uit hulle woonplek in die hemel. Die Here het hulle vir altyd
vasgemaak met kettings en Hy het hulle in die donker plek laat bly totdat Hy hulle
sal straf op die dag wanneer Hy almal sal oordeel.

7 Julle moet ook onthou wat met die stede Sodom en Gomorra en die stede naby
hulle gebeur het. Daardie mense het onsedelik gelewe en hulle wou ook graag seks
hê met engele. Daarom is hierdie stede ’n duidelike voorbeeld, dit wys hoe die Here
daardie sondes straf met die vuur wat altyd brand.

Nog drie voorbeelde uit die Ou Testament

8 Hierdie vals leermeesters doen dieselfde verkeerde dinge soos daardie sondaars.
Hulle droom en sien dinge, en daarom doen hulle sonde, hulle maak hulle
liggame onrein met sonde. Hulle wil nie gehoorsaam wees aan die Here nie en hulle
sê slegte dinge van engele.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

9Maar Migael, die groot engel, het nie dieselfde gedoen nie. Migael het met die duiwel gestry en getwis oor wie die liggaam van Moses mag kry. Migael het toe nie self slegte dinge gesê van die duiwel nie en hy het nie die duiwel ge-oordeel nie. Nee, Migael het vir die duiwel gesê: “Die Here sal jou straf!”

10Maar hierdie mense wat nie die Here dien nie, sê slegte dinge van almal en alles wat hulle nie verstaan nie. Hulle verstaan party dinge, maar hulle verstaan soos wilde diere wat nie verstand het nie, en dit is daardie dinge wat hulle sal laat sterf.

11Dit sal sleg gaan met hierdie vals leermeesters, want hulle lewe verkeerd en hulle doen sonde soos Kain. Bileam het probeer om die Israeliete te verlei om sonde te doen, hy het dit gedoen sodat hy ’n beloning kon kry. Hierdie vals leermeesters lewe ook so. Hulle is so opstandig soos Korag, en die Here sal hulle verlore laat gaan.

12Julle is gelowiges en wanneer julle vóór die nagmaal saam eet omdat julle lief is vir mekaar, dan is hierdie vals leermeesters ook daar, hulle is soos gevaarlike rotse onder die water, rotse wat ’n skip kan laat sink. Hulle eet en drink en vier fees saam met julle, maar hulle sorg net vir hulleself en hulle is nie skaam daaroor nie. Hierdie vals leermeesters is soos wolke wat nie reën bring nie, die wind waai hulle weg. Hulle is soos vrugtebome wat nie vrugte dra nie. Hulle is so dood soos bome wat mense uit die grond getrek het, ja, hulle is heeltemal dood.

13Hulle sonde is soos die vuil skuim op die wilde branders van die see wanneer daar ’n storm is. So kan ’n mens hulle skandes sien. Hulle is soos sterre wat verdwaal het. Daarom het die Here vir hulle ’n plek gereedgemaak in die donker plek, die baie donker plek.

14Henog, die sewende voorvader ná Adam, het ook die Here se boodskap gebring oor hierdie vals leermeesters. Hy het gesê: “ Julle moet dit weet: Die Here sal kom met sy tienduisende heilige engele

15om almal te oordeel. Die Here sal kom om al die sondaars te straf, Hy sal ook die mense straf wat Hom nie dien nie. Hy sal hulle straf oor al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het en oor al die slegte dinge wat hulle teen Hom gesê het.”

16Hierdie mense is altyd ontevrede met ander mense, hulle kla altyd oor alles, en hulle doen net die slegte dinge wat hulle self graag wil doen. Wanneer hulle praat, dan spog hulle en hulle sê mooi dinge van ander mense, maar hulle is nie eerlik nie. Hulle sê dit sodat hulle iets van daardie mense kan kry.

Judas sê wat die gelowiges moet doen

17My vriende, julle moet die woorde onthou wat die apostels van ons Here Jesus Christus voorheen gesê het.

18Hulle het vir julle gesê: “ In die laaste dae van die wêreld sal daar mense wees wat sal aanhou spot, terwyl hulle die slegte dinge doen wat hulle self graag wil doen.”

© Bible Society of South Africa.

19Hierdie mense wat altyd wil spot, sê en doen dinge wat gelowiges vyande laat word van mekaar. Hierdie mense wat altyd wil spot, lewe soos mense van hierdie wêreld omdat hulle nie die Heilige Gees in hulle harte het nie.

20Maar, my vriende, julle moet aanhou om mekaar te help en te bemoedig. Julle moet mekaar bou soos mense ’n huis bou. Die goeie boodskap wat van God kom, moet die fondament wees. Julle moet luister na die Heilige Gees wanneer julle bid.

21God is lief vir julle, daarom moet julle mekaar goed oppas. Julle moet dit doen terwyl julle wag dat ons Here Jesus Christus vir julle die ewige lewe sal gee. Hy sal dit vir julle gee omdat Hy goed wil wees vir julle.

22Julle moet goed wees vir mense wat twyfel.

23Julle moet ander mense red voordat God hulle oordeel, julle moet hulle red soos ’n mens iemand red uit ’n vuur. Julle moet goed wees vir ander mense, maar julle moet versigtig wees en julle moet die dinge haat wat die sondaars doen. Julle moet ook hulle klere haat, hulle klere is heeltemal vuil van die sonde wat hulle doen.

Prys God

24God is baie sterk. Hy gebruik sy krag om julle op te pas sodat julle nie sal val en sonde doen nie. Hy kan julle laat staan voor Hom, die Koning, en julle sal sonder sonde wees. Julle sal baie bly wees.

25Ons behoort aan Jesus Christus, ons Here. Daarom moet ons vir God, ons Redder, prys. Net Hý is God, Hy is die Koning. Hy is baie sterk en Hy regeer van die tyd voordat Hy die wêreld gemaak het. Hy regeer nou en vir altyd en altyd. Amen.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Openbaring

Openbaring 1

Hierdie boek is baie belangrik

1In hierdie boek is die dinge geskryf wat gou moet gebeur. God het vir Jesus Christus gesê Hy moet hierdie dinge vir al sy dienaars sê en wys. Jesus Christus het sy engel na sy dienaar Johannes gestuur om hierdie dinge vir Johannes te sê en te wys.

2Johannes het alles neergeskryf wat God en Jesus Christus vir hom gesê en gewys het.

3In hierdie boek is die dinge geskryf wat later sal gebeur. Elkeen wat hierdie boek lees, is ’n gelukkige mens! En almal wat die dinge hoor en wat doen wat in hierdie boek geskryf is, is gelukkige mense! Want die tyd wanneer Christus weer kom, is naby!

Die begin van die brief

4Ek, Johannes, skryf hierdie brief vir die sewe gemeentes in Asië. Ek groet julle en ek bid dat God en die Sewe Geeste wat voor sy troon is en Jesus Christus genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle sy vrede sal gee. God was altyd daar, Hy is nou daar en Hy sal weer kom.

5En Jesus Christus is die Getuie, Hy doen altyd wat Hy sê, Hy is die Eerste Een wat dood was en wat weer lewe, Hy regeer oor die konings van die aarde. Jesus Christus is lief vir ons. Hy het gesterf en Hy het ons gered van ons sonde.

6Hy het gesê God, sy Vader, regeer oor ons, ons is soos die priesters wat vir God werk. Daarom sal ons altyd vir Jesus Christus prys, Hy wat oor alles regeer! Amen.

Jesus Christus kom weer

7Kyk, Jesus Christus sal weer kom op die wolke, al die mense sal Hom sien, ook die mense wat Hom gesteek het met ’n spies. Al die volke op die aarde sal huil en treur wanneer Hy kom. Dit is seker. Amen.

8Die Here God sê: “Ek is die Alfa en die Omega.” Ja, God was altyd daar, Hy is nou daar en Hy sal weer kom. Hy is die Almagtige!

Johannes het vir Jesus Christus gesien

9Ek, Johannes, is ’n gelowige soos julle. Ek en julle kry saam swaar, God regeer oor ons almal, en ons is geduldig, soos Jesus geduldig was. Ek was ’n gevangene op die eiland Patmos omdat ek vir mense vertel het wat God en Jesus gesê het.

10 Die Gees het op die dag van die Here in my gekom, en ek het gehoor Iemand praat hard agter my, so hard soos ’n trompet.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

11Hy het gesê: “Ek sal vir jou dinge wys, en jy moet al daardie dinge in ’n boek skryf. Dan moet jy die boek vir die sewe gemeentes stuur, vir die gemeentes in die stede Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea.”

12Ek het omgedraai om te sien wie praat met my. Toe ek omdraai, sien ek sewe goue lampe.

13Ek het gesien tussen die lampe is daar Iemand wat soos die Seun van die mens gelyk het. Hy het ’n lang bo-kleed gedra, en om sy bors was daar ’n goue belt.

14Sy kop en sy hare was so wit soos wol, so wit soos sneeu. Sy oë was soos ’n vuurvlam.

15Sy voete was soos blink koper wat in ’n oond gesmelt het. Sy stem was soos wanneer baie water raas.

16In sy regter-hand het Hy sewe sterre vasgehou. Daar het ’n swaard uit sy mond gekom, die swaard was baie skerp. Sy gesig het geblink soos wanneer die son baie helder skyn.

17Toe ek Hom sien, het ek op die grond voor sy voete geval, ek het daar gelê soos iemand wat dood is. Maar Hy het sy regter-hand op my gesit en vir my gesê: “Jy moenie bang wees nie, want Ek is die Eerste en die Laaste,

18Ek lewe altyd. Ek het gesterf, maar nou lewe Ek! Ja, Ek lewe altyd. Ek het die sleutels om die plek oop te sluit waar die mense is wat gesterf het, Ek kan die mense in die doderyk weer laat lewe.

19Daarom moet jy die dinge neerskryf wat jy gesien het, die dinge wat nou gebeur en die dinge wat later sal gebeur.

20Jy het sewe sterre in my regter-hand gesien en sewe lampe. Die sewe lampe beteken sewe gemeentes. Die sewe sterre beteken die sewe engele van die gemeentes.”

Openbaring 2

Die boodskap vir die gemeente in Efese

1“Jy moet vir die engel van die gemeente in die stad Efese skryf: Die Een wat die sewe sterre in sy regter-hand vashou en wat tussen die sewe goue lampe loop, sê:

2Ek weet alles wat jy doen. Ek weet jy werk hard vir My en jy is geduldig wanneer mense slegte dinge aan jou doen. Ek weet jy hou niks van slegte mense nie. Daar is mense by jou wat sê hulle is apostels, maar hulle is nie apostels nie. Jy het hulle getoets en uitgevind dat hulle vals is.

3Jy hou aan om die Here te dien, jy kry swaar omdat jy aan My behoort, maar jy word nie moeg om swaar te kry nie.

© Bible Society of South Africa.

4Maar Ek is kwaad vir jou. In die begin was jy baie lief vir My, maar nou is jy nie meer
baie lief vir My nie.

5Ja, jy moet onthou hoe baie jy verander het, en dan moet jy weer lewe soos Ek wil
hê jy moet lewe. Jy moet weer die dinge doen wat jy gedoen het toe jy in My begin
glo het. As jy dit nie doen nie, dan sal Ek kom en Ek sal jou lamp wegneem van sy
plek. Ja, jy moet weer lewe soos Ek wil hê.

6Maar jy doen een ding wat reg is. Jy haat die dinge wat die Nikolaïete doen. Ek haat
dit ook.

7As jy verstaan wat die Heilige Gees vir die gemeentes sê, dan moet jy gehoorsaam
wees! As jy oorwin en aanhou glo, dan sal Ek vir jou die vrugte gee van die boom wat
lewe gee, die boom wat in God se tuin is."

Die boodskap vir die gemeente in Smirna

8"Jy moet vir die engel van die gemeente in die stad Smirna skryf: Die Een wat die
Eerste en die Laaste is, Hy wat dood was maar wat weer lewe, Hy sê:

9Ek weet jy kry swaar en jy is arm, jy het min geld. Maar Ek sê jy is ryk, want jy
behoort aan My. Ek weet die Jode praat sleg van jou, maar hulle is nie regtig Jode
nie, hulle kom bymekaar in 'n sinagoge, maar dit is die sinagoge van die Satan.

10Jy sal swaarkry, maar jy moenie bang wees nie. Die duiwel sal party van julle in die
tronk laat gooi. Dan sal almal sien of julle kan aanhou glo. Ja, julle sal tien dae lank
swaarkry, maar jy moet aanhou glo, ook as die mense jou wil doodmaak. Dan sal Ek
jou weer laat lewe, dit sal vir jou wees soos 'n lourier-krans op jou kop.

11As jy verstaan wat die Heilige Gees vir die gemeentes sê, dan moet jy gehoorsaam
wees! As jy oorwin en aanhou glo, dan sal jy nie 'n tweede maal sterf nie."

Die boodskap vir die gemeente in Pergamum

12"Jy moet vir die engel van die gemeente in die stad Pergamum skryf: Die Een wat
die skerp swaard het, sê:

13Ek weet waar jy woon. Satan se troon is daar, maar jy hou aan om in My te glo. Ja,
Satan woon daar by julle. En die mense het vir Antipas daar by julle doodgemaak
omdat hy aangehou het om vir mense te vertel van My, maar jy was nie bang om te
sê dat jy in My glo nie.

14Maar Ek is kwaad vir jou, want jy doen 'n paar dinge verkeerd. Party van jou mense
doen die dinge wat Bileam vir die mense geleer het. Hy het vir Balak gesê hoe hy die
Israeliete sonde kan laat doen. Hy het gesê Balak moet vir hulle afgod-offervleis laat
eet en hy moet hulle onsedelik laat lewe.

15Dieselfde gebeur daar by jou. Daar is ook party mense wat die dinge glo wat
die Nikolaïete vir hulle leer.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

16Maar jy moet lewe soos Ek wil hê. As jy dit nie doen nie, dan sal Ek gou kom en Ek
sal die swaard wat in my mond is, gebruik om oorlog te maak teen die mense wat die
dinge glo wat die Nikolaïete vir hulle leer.

17As jy verstaan wat die Heilige Gees vir die gemeentes sê, dan moet jy gehoorsaam
wees! As jy oorwin en aanhou glo, dan sal Ek vir jou van die manna gee, ander
mense weet nie van daardie manna nie. Ek sal ook vir jou ’n wit klippie gee. Op die
klippie is ’n nuwe naam geskryf. Niemand anders sal weet wat daardie naam is nie,
net jy sal dit weet.”

Die boodskap vir die gemeente in Tiatira

18“Jy moet vir die engel van die gemeente in die stad Tiatira skryf: Die Seun van God
se oë is soos ’n vuurvlam en sy voete is soos blink koper. Hy sê:

19Ek weet alles wat jy doen: Jy is lief vir My, jy doen wat jy sê jy sal doen, en jy dien
die ander gelowiges. Ek weet jy kry swaar omdat jy aan My behoort, maar jy bly
geduldig. Ek weet jy doen nou baie meer dinge vir My, meer as wat jy gedoen het toe
jy in My begin glo het.

20Maar Ek is kwaad vir jou, want jy doen niks teen die vrou Isebel nie. Sy sê sy is
’n profeet, maar sy leer dinge wat nie waar is nie, sy leer dit vir die mense wat My
dien. Sy leer vir hulle om onsedelik te lewe en om afgod-offervleis te eet.

21Ek het vir haar tyd gegee om te begin lewe soos Ek wil hê en om op te hou om
onsedelik te lewe, maar sy wil nie ophou nie.

22As sy en almal wat saam met haar onsedelik lewe, nie ophou om verkeerde dinge
te doen nie en as hulle nie begin lewe soos Ek wil hê nie, dan sal Ek vir haar en vir
hulle baie siek laat word.

23Ek sal almal laat sterf wat doen wat sy sê. Dan sal al die gemeentes weet dat Ek
sien wat mense dink en wat hulle wil doen. Ek oordeel elke mens oor wat hy gedoen
het.

24Maar julle ander wat ook in Tiatira woon, julle glo nie die dinge wat Isebel vir hulle
leer nie. Party mense sê die dinge wat sy vir hulle leer, is die groot geheime van
die Satan, maar julle wou nie daardie dinge leer ken nie. Vir júlle sê Ek: Ek wil hê julle
moet net een ding doen, en dit is:

25Julle moet aanhou om alles te glo wat julle nou glo. Julle moet dit doen totdat Ek
weer kom.

26As jy oorwin en aanhou doen wat Ek wil hê, dan sal Ek vir jou sê jy mag oor die
volke regeer.

27Jy sal kwaai oor hulle regeer, soos ’n koning wat met ’n yster-septer regeer. Jy sal
met hulle doen wat jy wil, soos wanneer iemand kleipotte stukkend slaan.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

28My Vader het gesê Ek mag so regeer. Jy mag ook so regeer. Ek sal vir jou die môrester gee, jy sal wees soos Ek.

29As jy verstaan wat die Heilige Gees vir die gemeentes sê, dan moet jy gehoorsaam wees!”

Openbaring 3

Die boodskap vir die gemeente in Sardis

1“Jy moet vir die engel van die gemeente in die stad Sardis skryf: Die Een wat die Sewe Geeste van God en die sewe sterre het, sê: Ek weet wat jy doen. Die mense dink dat jy geestelik lewe, maar jy is geestelik dood.

2Jy moet wakker word! Daar is party mense wat amper geestelik dood is. Jy moet hulle help om geestelik te lewe, want Ek sien hulle doen nie wat reg is nie, hulle doen nie wat my God wil hê nie.

3Jy moet die dinge onthou wat jy gehoor het toe jy in My begin glo het. Jy moet weer daardie dinge doen, die dinge wat Ek wil hê jy moet doen. Ja, jy moet wakker word! As jy nie wakker word nie, dan sal Ek na jou toe kom. Ek sal kom soos ’n dief kom, jy sal nie weet wanneer Ek kom nie.

4Maar daar is party mense in Sardis wat reg lewe, hulle lewe is skoon, dit is soos Ek wil hê hulle moet lewe. Ek is tevrede met hulle en daarom sal hulle saam met My wees, hulle sal wit klere dra.

5As jy oorwin en aanhou glo, dan sal jy ook wit klere kry om aan te trek. Ek sal jou naam nooit uitvee uit die boek van die lewe nie. Ja, Ek sal voor my Vader en sy engele sê dat jy aan My behoort.

6As jy verstaan wat die Heilige Gees vir die gemeentes sê, dan moet jy gehoorsaam wees!”

Die boodskap vir die gemeente in Filadelfia

7“Jy moet vir die engel van die gemeente in die stad Filadelfia skryf: Die Heilige doen altyd wat Hy sê. Hy het die sleutel van koning Dawid. As Hy ’n deur oopsluit, dan kan niemand dit toesluit nie, en as Hy iets toesluit, dan kan niemand dit oopsluit nie. Hy sê:

8Ek weet wat jy doen. Jy is nie sterk nie, maar jy het gedoen wat Ek vir jou sê en jy was nie bang om te sê dat jy aan My behoort nie. Daarom het Ek vir jou ’n deur oopgemaak sodat jy by My kan wees.

9Daar is mense in julle stad wat sê hulle is Jode, maar hulle lieg, hulle is nie Jode nie. Hulle kom bymekaar in ’n sinagoge, maar dit is die sinagoge van die Satan. Ek sal hulle voor jou laat kniel soos ’n mens voor ’n koning kniel. Hulle sal dan weet dat Ek lief is vir jou.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

10Ek het gesê jy moet geduldig wees wanneer mense slegte dinge doen aan jou
omdat jy aan My behoort, en jy was geduldig. Daarom sal Ek jou beskerm. Al die
mense op die aarde sal baie swaar kry wanneer Ek hulle sal toets, maar Ek sal jou
beskerm.

11Ek sal gou kom! Jy moet aanhou glo soos jy nou glo! Dan sal niemand jou kan keer
nie, jy sal oorwin.

12As jy oorwin en aanhou glo, dan sal Ek sê jy mag ’n pilaar wees in die tempel van
my God. Ja, jy sal in die hemel wees en jy sal nooit weer daar uitgaan nie. Ek sal my
God se Naam op jou skryf en Ek sal die naam van my God se stad, die Nuwe
Jerusalem, op jou skryf. Die Nuwe Jerusalem kom van my God, dit kom van die
hemel. Ek sal ook my eie nuwe Naam op jou skryf.

13As jy verstaan wat die Heilige Gees vir die gemeentes sê, dan moet jy gehoorsaam
wees!”

Die boodskap vir die gemeente in Laodisea

14“Jy moet vir die engel van die gemeente in die stad Laodisea skryf: Die Een wat
altyd doen wat Hy belowe, praat met jou, Hy wat altyd die waarheid praat en nooit
lieg nie. Hy is die belangrikste, Hy laat alles en almal lewe, almal en alles wat God
gemaak het. Hy sê:

15Ek weet alles wat jy doen. Jy is soos lou water, jy is nie koud nie en jy is ook nie
warm nie. Ek wens jy was koud of jy was warm.

16Ja, jy is soos lou water, nie koud nie en ook nie warm nie. Daarom sal Ek jou uit my
mond uitspoeg.

17Jy dink jy is ryk, baie ryk, jy dink jy het niks nodig nie. Maar jy is verkeerd, jy weet
nie dat dit baie sleg gaan met jou nie. Mense moet jammer wees vir jou, jy is soos
iemand wat arm en blind is en wat nie klere het nie.

18Ek wil hê jy moet na My toe kom. Dan sal jy by My ware goud koop en jy sal waarlik
ryk wees. Ek sal vir jou wit klere gee, en niemand sal jou kaal liggaam sien nie. Ek sal
vir jou salf gee om aan jou oë te smeer sodat jy waarlik kan sien.

19As Ek lief is vir mense, dan straf Ek hulle en Ek leer vir hulle om die regte dinge te
doen. Daarom moet jy begin lewe soos Ek wil hê, en jy moet hard werk vir My!

20Ja, Ek is soos iemand wat by ’n deur staan en klop. As iemand my stem hoor en hy
maak die deur oop, dan sal Ek inkom. Ek sal saam met hom eet, en hy sal saam met
My eet.

21Ek het oorwin en Ek het saam met my Vader op sy troon gaan sit. As jy oorwin en
aanhou glo, dan sal Ek vir jou sê jy mag saam met My regeer, jy mag saam met My op
my troon sit.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

22As jy verstaan wat die Heilige Gees vir die gemeentes sê, dan moet jy gehoorsaam wees!”

Openbaring 4

God is op sy troon

1Nadat hierdie dinge gebeur het, het ek gekyk en ek het gesien ’n deur in die hemel is oop. Die Persoon wat voorheen met my gepraat het, het vir my gesê: “Kom op hiernatoe, dan sal Ek vir jou wys wat ná hierdie dinge moet gebeur.” Die Persoon se stem was so hard soos ’n trompet.

2 Die Gees het in my gekom, en toe sien ek in die hemel ’n troon en ek sien Iemand sit op die troon.

3Die Persoon op die troon het gelyk soos jaspis en karneool. Rondom die troon was ’n reënboog wat soos smarag gelyk het.

4Rondom die troon was daar 24 trone. Op die trone het 24 ouderlinge gesit. Hulle het wit klere gedra, en op hulle koppe was daar goue krone.

5Daar het weerlig en donderweer van die troon gekom en dit het geraas. Sewe fakkels het voor die troon gebrand. Dit was die Sewe Geeste van God.

6Voor die troon was daar iets wat gelyk het soos ’n see van glas, dit was so helder soos kristal. In die middel, rondom die troon, was daar vier diere. Elke dier se liggaam was vol oë, voor en agter.

7Die eerste dier het gelyk soos ’n leeu. Die tweede dier het gelyk soos ’n bul. Die derde dier se gesig het gelyk soos ’n mens se gesig. Die vierde dier het gelyk soos ’n arend wat vlieg.

8Elke dier het ses vlerke gehad, en daar was oë oral op die vlerke, bo en onder. Die vier diere het aangehou sing: “Die Here God, die Almagtige, is heilig, heilig, heilig! Hy was altyd daar, Hy is nou daar en Hy sal weer kom!”

9Ja, die vier diere het die Persoon wat op die troon sit, geloof en geprys. Hulle het vir Hom dankie gesê, vir Hom wat altyd lewe.

10Elke maal wanneer hulle dit doen, dan het die 24 ouderlinge op die grond gaan lê voor die Persoon wat op die troon sit. Hulle het tot Hom gebid, tot Hom wat altyd lewe. Hulle het hulle krone voor sy troon neergesit en gesê:

11“Here, ons God, almal moet U eer en prys en sê hoe sterk U is! Ons wil U eer! Ons wil U prys! Ons wil sê hoe sterk U is! Want U het alles gemaak! Ja, U het so besluit, daarom is alles daar, U het alles gemaak!”

Openbaring 5

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

Die Lam mag die boekrol oopmaak

1Ek het gesien die Persoon wat op die troon sit, het ’n boekrol in sy regter-hand. Daar was baie woorde op die boekrol geskryf, binne en buite. Die boekrol was toegeplak met sewe seëls.

2Ek het ’n sterk engel gesien. Hy het hard geskree en gesê: “Wie mag die boekrol oopmaak? Wie mag die seëls op die boekrol breek en die boek oopmaak?”

3Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boekrol oopmaak of daarin kyk nie.

4En ek het baie gehuil omdat daar niemand was wat die boekrol kon oopmaak of daarin kon kyk nie.

5Maar een van die ouderlinge het vir my gesê: “Jy moenie huil nie! Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Wortel van Dawid, het oorwin. Daarom kan Hy die sewe seëls breek en die boekrol oopmaak.”

6Toe sien ek ’n Lam. Die Lam het by die troon gestaan, tussen die vier diere en die ouderlinge. Dit het gelyk of die Lam geslag is. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die Sewe Geeste van God. God stuur hulle oor die hele aarde.

7En die Lam het gegaan en die boekrol geneem uit die regter-hand van die Persoon wat op die troon sit.

8Toe die Lam die boekrol neem, het die vier diere en die 24 ouderlinge voor die Persoon gekniel soos ’n mens voor ’n koning kniel. Elkeen het ’n harp gehad en goue bakke. Die goue bakke was vol wierook. Die wierook is die gebede van die gelowiges.

9Toe sing die diere en die ouderlinge hierdie nuwe lied vir die Lam: “Net U mag die boekrol neem! U mag die seëls breek en die boekrol oopmaak! Want die mense het U doodgemaak, ja, U het gesterf en U het mense gekoop vir God, mense van al die stamme, tale, volke en lande!

10U het gesê God regeer oor hulle, hulle is soos die priesters wat vir God werk, en hulle sal oor die aarde regeer!”

11Toe sien en hoor ek baie engele wat sing. Die engele was rondom God se troon en rondom die diere en die ouderlinge. Daar was baie miljoene engele.

12Hulle het hierdie woorde hard gesing: “Almal moet sing oor die Lam wat gesterf het. Hulle moet vertel dat Hy sterk en ryk is, en dat Hy wysheid en krag het, hulle moet Hom eer en prys en loof!”

13Toe hoor ek hoe sing alles wat lewe, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, en alles wat in hulle is. Hulle het hierdie woorde gesing:

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

“Ons prys Hom wat op die troon sit en ons prys die Lam, ons eer en prys Hulle, Hulle wat sterk is, altyd en altyd!”

14 En die vier diere het gesê: “Amen!” En die ouderlinge het gekniel en hulle het gebid tot God en die Lam.

Openbaring 6

Die Lam breek die eerste vier seëls

1 Ek het gesien die Lam breek een van die sewe seëls van die boekrol. Toe hoor ek een van die vier diere skree, hy het so hard soos donderweer geskree. Hy het gesê: “Jy moet kom!”

2 En toe ek kyk, sien ek daar kom ’n wit perd! Iemand het op die perd gesit. Hy het ’n pyl en boog gehad, en God het vir hom ’n lourier-krans gegee. Die persoon op die perd het altyd sy vyande oorwin, en hy het gekom om te oorwin.

3 Toe die Lam die tweede seël breek, het ek gehoor die tweede dier skree: “Jy moet kom!”

4 En toe kom daar ’n ander perd, ’n bloedrooi perd! Iemand het op die perd gesit. God het vir hom gesê hy mag die vrede van die mense op die aarde wegneem sodat hulle mekaar sal doodmaak. God het vir hom ’n groot swaard gegee.

5 Toe die Lam die derde seël breek, het ek gehoor die derde dier skree: “Jy moet kom!” Ek het gekyk en toe sien ek daar kom ’n swart perd! Iemand het op die perd gesit. Hy het ’n weegskaal in sy hand gehad.

6 Ek het gehoor Iemand praat. Hy was tussen die vier diere. Hy het gesê: “Iemand sal vir een goiniks koring of vir drie goiniks gars een silwer geldstuk moet betaal. En julle moet versigtig wees, moenie die olyf-olie en die wyn mors nie.”

7 En toe die Lam die vierde seël oopmaak, het ek gehoor die vierde dier skree: “Jy moet kom!”

8 Ek het gekyk en toe sien ek ’n vaal-groen perd kom! Iemand het op die perd gesit. Sy naam was Dood. Die doderyk het saam met hom gegaan. God het vir Dood en vir die doderyk gesê hulle mag ’n kwart van al die mense op die aarde doodmaak met oorloë en honger en pes en wilde diere.

Die Lam maak die vyfde seël oop

9 Toe die Lam die vyfde seël van die boekrol breek, het ek die gelowiges gesien wat dood is, hulle was onder die altaar in die hemel. Die mense het daardie gelowiges doodgemaak omdat hulle geglo het wat God sê en omdat hulle vir ander mense vertel het wat hulle glo.

© Bible Society of South Africa.

10Die gelowiges het hard geskree en gevra: “Here, U wat heilig is en wat altyd
dieselfde bly, hoe lank sal dit nog wees voordat U die mense op die aarde
sal oordeel en hulle sal straf omdat hulle ons doodgemaak het?”

11Toe het God vir hulle elkeen wit klere gegee. En Hy het vir hulle gesê hulle moet ’n
kort tydjie wag, want die mense sal nog ander dienaars van God ook doodmaak.
Hulle moet wag totdat daardie ander gelowiges ook almal dood is.

Die Lam maak die sesde seël oop

12Toe die Lam die sesde seël van die boekrol breek, sien ek daar is ’n groot
aardbewing. Die son het donker geword, soos swart rouklere, en die maan het rooi
geword soos bloed.

13Die sterre in die lug het op die aarde geval. Dit het gelyk soos wanneer ’n sterk
wind ’n vyeboom skud en die vye wat nog nie ryp is nie, op die grond val.

14Die lug het verdwyn, soos wanneer iemand ’n boekrol toerol. Elke berg en eiland
het verdwyn, hulle was weg.

15Die konings van die aarde, die belangrike mense, die generaals, die ryk mense, die
mense wat oor ander mense regeer, die slawe en die mense wat nie slawe is nie,
hulle almal het gaan wegkruip in grotte en tussen die rotse op die berge.

16Hulle het vir die berge en rotse gesê: “Julle moet op ons val, julle moet ons
toemaak! Ons wil nie hê dat God ons moet sien nie, God wat op die troon sit. Ons
wil nie hê dat die Lam ons moet straf nie!

17Want die tyd is nou hier wanneer Hulle ons sal straf, en ons sal nie aanhou lewe
nie!”

Openbaring 7

Johannes sien 144 000 mense

1Nadat hierdie dinge gebeur het, het ek vier engele gesien. Hulle het by die vier
hoeke van die aarde gestaan. Die vier engele het die vier winde wat op die aarde
waai, vasgehou sodat daar nêrens ’n wind gewaai het nie, nie op die aarde nie, nie
op die see nie, en nie teen die bome nie.

2Toe sien ek ’n ander engel wat van die ooste kom. Hy het die seël van God gehad,
God wat altyd lewe. God het vir die vier engele gesê hulle mag die aarde en die
see verwoes, en die engel het hard geskree vir daardie vier engele

3en gesê: “Julle moenie nou die aarde en die see en die bome verwoes nie! Julle
moet wag totdat ons die mense gemerk het wat vir God dien, ons sal hulle op hulle
voorkoppe merk met die seël.”

© Bible Society of South Africa.

4Ek het gehoor hoeveel mense merke gekry het op hulle voorkoppe. Dit was 144 000 mense, en hulle het gekom van elke stam van die Israeliete:

5-8Van elke stam het 12 000 mense merke gekry. Die stamme was: Juda, Ruben, Gad, Aser, Naftali, Manasse, Simeon, Levi, Issaskar, Sebulon, Josef en Benjamin.

Johannes sien 'n groot klomp mense bymekaar

9Ná hierdie dinge het ek gekyk en ek het 'n groot klomp mense gesien wat bymekaar is. Daar was so baie mense dat niemand hulle kon tel nie. Hulle het gekom uit al die lande, stamme, volke en tale. Hulle het gestaan voor God se troon en voor die Lam. Hulle het wit klere gedra en hulle het takke van palmbome in hulle hande gehad.

10Hulle het hard geskree en gesê: "Ons God sit op die troon, Hy en die Lam het oorwin!"

11En al die engele het rondom God se troon en rondom die ouderlinge en rondom die vier diere gestaan. Die engele het gaan lê met hulle gesigte teen die grond en hulle het vir God aanbid.

12Hulle het gesê: "Amen! Ons prys ons God! Ons prys Hom, ons Koning! Hy het al die wysheid! Ons sê vir Hom dankie! Ons eer Hom! Hy is baie sterk, Hy kan alles doen! Ons wil Hom altyd prys! Amen!"

13Toe vra een van die ouderlinge vir my: "Wie is hierdie mense wat wit klere dra? Van waar het hulle gekom?"

14Ek het vir hom gesê: "Meneer, jy weet wie hulle is." Hy het vir my gesê: "Daardie mense het baie swaar gekry omdat hulle aan die Lam behoort. Hulle het hulle klere gewas in die bloed van die Lam. Toe het hulle klere wit geword.

15"Daarom is hulle nou voor God se troon. Hulle dien nou vir God elke dag en elke nag in sy tempel. God, wat op die troon sit, sal hulle beskerm.

16Hulle sal nooit honger of dors word nie. Die son sal hulle nie brand nie. Niks wat warm is, sal hulle brand nie.

17Want die Lam wat by God se troon is, sal hulle Herder wees. Hy sal hulle na fonteine neem en vir hulle water gee, water wat hulle altyd sal laat lewe. En God sal al hulle trane afvee."

Openbaring 8

Die Lam breek die sewende seël

1Toe die Lam die sewende seël van die boekrol breek, was dit 'n halfuur lank stil in die hemel.

2Toe sien ek die sewe engele wat altyd voor God staan. God het vir hulle sewe trompette gegee.

© Bible Society of South Africa.

3 En ’n ander engel het gekom en hy het by die altaar in die hemel gaan staan. Hy het
’n goue wierook-pan gehad. Hy het baie wierook gekry. Hy moes die wierook offer
saam met die gebede van almal wat aan God behoort. Hy moes dit offer op die goue
altaar wat voor die troon van God is.

4 Die rook van die wierook en die gebede van al die mense wat aan God behoort, het
opgegaan van die wierook-pan in die engel se hand, dit het opgegaan voor God.

5 Toe het die engel die wierook-pan geneem. Hy het vuur van die altaar geneem en
hy het die wierook-pan vol vuur gemaak. Toe het hy die vuur op die aarde gegooi, en
daar was baie donderweer en weerlig en ’n aardbewing, dit het baie geraas.

Die eerste vier trompette

6 En die sewe engele wat die sewe trompette het, het gereedgemaak om die
trompette te blaas.

7 Die eerste engel het sy trompet geblaas. Toe val daar hael en vuur op die aarde,
saam met bloed. Een derde van die aarde het verbrand, een derde van die bome het
verbrand en al die groen gras het verbrand.

8 Die tweede engel het sy trompet geblaas. Ek het iets gesien wat lyk soos ’n groot
berg wat brand en wat vol vuur is. Dit het op die see geval, en een derde van die see
het bloed geword.

9 Een derde van alles wat in die see lewe, het doodgegaan en een derde van al die
skepe het gesink.

10 Die derde engel het sy trompet geblaas. Toe val ’n groot ster uit die lug. Dit het
gebrand soos ’n fakkel. Die ster het geval op een derde van die riviere en fonteine.

11 Die ster se naam was Wilde-als. Een derde van die water het so bitter soos wilde-
als geword, en baie mense het gesterf van die water, want dit het bitter geword.

12 Die vierde engel het sy trompet geblaas. Een derde van die son en een derde van
die maan en een derde van die sterre het donker geword. Een derde van die dag was
donker, en die nag was ook donker.

13 En ek het ’n arend gesien wat hoog in die lug vlieg. Ek het gehoor hy skree hard en
hy sê: “Dit sal baie baie sleg gaan met die mense op die aarde wanneer die ander
drie engele hulle trompette blaas.”

Openbaring 9

Die vyfde trompet

1 Die vyfde engel het sy trompet geblaas. Toe sien ek ’n ster wat uit die lug op die
aarde geval het. God het vir die ster die sleutel gegee wat die diep gat kan oopsluit
wat na die onderwêreld gaan.

© Bible Society of South Africa.

2Die ster het die diep gat oopgemaak wat na die onderwêreld gaan. Toe kom daar rook uit die gat, baie rook, soos die rook van ’n groot vuur. En die son en die lug het donker geword van die rook wat uit die gat kom.

3Uit die rook het daar sprinkane gekom. God het vir die sprinkane gesê hulle mag doen wat skerpioene op die aarde doen.

4God het vir hulle gesê hulle mag nie die gras op die aarde vreet nie, ook nie enige iets wat groen is nie, ook nie die bome nie. Hulle mag net die mense seermaak wat nie God se merk op hulle voorkoppe het nie.

5God het gesê hulle mag daardie mense vyf maande lank seermaak, maar hulle mag nie daardie mense doodmaak nie. Wanneer hulle die mense seermaak, dan is dit so seer soos wanneer ’n skerpioen ’n mens steek.

6Wanneer dit gebeur, dan sal die mense wens dat hulle sterf, maar hulle sal nie sterf nie. Hulle sal wens dat hulle gou doodgaan, maar die dood sal nie kom nie.

7Die sprinkane lyk soos perde wat gereed is om oorlog te maak. Op elke sprinkaan se kop is iets wat lyk soos ’n goue kroon. Hulle gesigte lyk soos mense se gesigte.

8Die sprinkane se hare lyk soos vroue se hare, en hulle tande lyk soos leeus se tande.

9Die sprinkane dra harnasse wat lyk soos harnasse van yster. Hulle vlerke raas baie, soos baie oorlogkarre en perde wat oorlog gaan maak.

10Hulle sterte is soos skerpioene se sterte en hulle het ook angels waarmee hulle die mense steek. Die skerpioene kan hulle sterte vyf maande lank gebruik om die mense seer te maak.

11Die sprinkane se koning is die engel van die onderwêreld. Sy Hebreeuse naam is Abaddon en sy Griekse naam is Apollion.

12Die eerste swaarkry is verby, maar daar kom nóg twee tye wanneer mense sal swaarkry!

Die sesde trompet

13 Die sesde engel het sy trompet geblaas. Toe hoor ek iemand praat tussen die vier horings van die altaar, die goue altaar wat voor God staan.

14Hy het vir die sesde engel, die engel wat die trompet het, gesê: “God het vier engele vasgebind by die groot Eufraat-rivier. Jy moet hulle losmaak!”

15Die sesde engel het die vier engele losgemaak. God het hierdie engele gereedgehou tot op hierdie tyd, tot op hierdie dag, hierdie maand, en hierdie jaar, sodat hulle een derde van die mense moet doodmaak.

16Die soldate op perde was baie miljoene, ek het gehoor hoe baie hulle is.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

17Ek het die perde en die soldate gesien, hulle het só gelyk: Die soldate het harnasse gedra. Die harnasse was baie rooi en baie blou en baie geel. Die perde se koppe was soos leeus se koppe. Daar het vuur en rook en swael uit die perde se bekke gekom.

18Ja, God het die mense gestraf. Die vuur en die rook en die swael wat uit die perde se bekke gekom het, was die drie strawwe van God, dit het een derde van die mense doodgemaak.

19Die perde het hulle bekke en hulle sterte gebruik om mense seer te maak. Hulle sterte was soos slange, hulle sterte het koppe gehad en dit het die mense seergemaak.

20Maar die mense wat nie gesterf het van die vuur en die rook en die swael nie, het nie begin lewe soos God wil hê hulle moet lewe nie. Hulle het die duiwels en die afgode aanbid, afgode van goud en silwer en brons en klip en hout, afgode wat nie kan sien of hoor of loop nie!

21Die mense wat nog lewe, het aangehou om ander mense te vermoor of om te toor of om onsedelik te lewe of om te steel.

Openbaring 10

Die klein boekrol

1En ek het ’n ander sterk engel gesien wat afkom uit die hemel. Daar was ’n wolk rondom hom, daar was ’n reënboog bokant sy kop, sy gesig het gelyk soos die son en sy voete was soos pilare van vuur.

2Hy het ’n klein boekrol in sy hand gehou, die boekrol was oop. Die engel het sy regter-voet op die see gesit en sy linker-voet op die land.

3Hy het baie hard geskree, so hard soos ’n leeu wat brul. Toe die engel roep, het die donderweer sewe maal geraas.

4Toe die donderweer sewe maal geraas het, wou ek skryf wat hulle sê. Maar Iemand het uit die hemel vir my gesê: “Jy moenie vir iemand vertel wat die sewe donderslae gesê het nie! Jy moenie dit neerskryf nie!”

5Die engel wat ek gesien het, die engel wat op die see en die land gestaan het, het sy regter-hand in die lug gehou.

6Hy het belowe en het gesê God is sy getuie, God wat altyd lewe, God wat die hemel gemaak het en alles wat in die hemel is, en ook die aarde en alles op die aarde, die see en alles in die see. Die engel het gesê: “Die tyd is verby!

7 Wanneer die sewende engel sy trompet blaas, dan sal gebeur wat God voorheen besluit het. Niemand het geweet dat daardie dinge sal gebeur nie, maar God het vir die profete wat Hom dien, gesê dit sal gebeur.”

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8Ek het weer gehoor Iemand praat met my uit die hemel. Hy het gesê: “Jy moet die
boekrol gaan haal, die boekrol wat oop is en wat in die hand is van die engel wat op
die see en die land staan!”

9Ek het na die engel gegaan en vir hom gevra om vir my die klein boekrol te gee. Die
engel het vir my gesê: “Jy moet dit neem en jy moet dit eet! Dit sal bitter wees in jou
maag, maar in jou mond sal dit so soet soos heuning wees!”

10Ek het die klein boekrol uit die hand van die engel geneem en ek het dit geëet. Dit
het so soet soos heuning gesmaak in my mond. Maar toe ek dit geëet het, het my
maag bitter geword.

11Toe sê hulle vir my: “Jy moet weer God se boodskap bring vir die mense van al die
volke en lande en tale en vir die konings. Jy moet vir hulle sê God sal hulle straf!”

Openbaring 11

Die twee getuies

1’n Engel het vir my ’n meet-stok gegee en hy het vir my gesê: “Jy moet kom en jy
moet die tempel van God in die hemel meet, jy moet ook die altaar meet en jy moet
die mense tel wat in die tempel vir God aanbid.

2Maar jy moenie die oop stuk grond buite die tempel meet nie, los dit, want God het
dit vir die ander volke gegee. Hulle sal alles in die gewyde stad 42 maande lank plat
trap.”

3En God het gesê: “Ek sal vir my twee getuies sê hulle moet rouklere dra en hulle
moet 1 260 dae lank my boodskap bring.”

4Die twee getuies is die twee olyfbome en twee lampe wat voor die Here van die
aarde staan.

5As ’n vyand die twee getuies wil seermaak, dan kom daar vuur uit hulle mond en die
vuur verbrand die vyand. Ja, as ’n vyand die twee getuies wil doodmaak, dan moet
die twee getuies die vyand só doodmaak.

6God het ook gesê dat hulle mag sê dit moenie reën nie, en dan sal dit nie reën nie.
Terwyl hulle God se boodskap bring, sal dit nie reën nie. God het ook gesê hulle mag
water verander sodat dit bloed word en hulle mag die aarde op baie maniere laat
swaarkry, so baie maal soos hulle wil.

7Maar nadat die twee getuies God se boodskap gebring het, sal die dier kom wat in
die onderwêreld woon, en hy sal oorlog maak teen die twee getuies. Hy sal hulle
oorwin en hy sal hulle doodmaak.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

8 En die lyke van die twee getuies sal in die straat van die Groot Stad lê. ’n Mens moet dit geestelik verstaan, daardie stad se naam is Sodom en Egipte. Dit is dieselfde stad waar die mense die twee getuies se Here ook gekruisig het.

9 Mense van al die volke en stamme en tale en lande sal na hulle lyke kyk, drie en ’n half dae lank. Die mense sal sê niemand mag hulle lyke begrawe nie.

10 En die mense wat op die aarde woon, sal bly wees omdat die twee getuies dood is. Hulle sal juig en hulle sal vir mekaar presente stuur, want die twee getuies was profete en hulle het die mense laat swaarkry.

11 Maar ná drie en ’n half dae het God sy asem in die twee getuies geblaas, en hulle het weer gelewe. Hulle het regop gestaan, en almal wat hulle gesien het, was baie bang.

12 Hulle het gehoor dat iemand hard uit die hemel roep: “Julle moet opkom hiernatoe!” En die twee getuies het in ’n wolk opgegaan na die hemel, terwyl hulle vyande vir hulle gekyk het.

13 Op dieselfde tyd was daar ’n groot aardbewing, en dit het een tiende van die stad verwoes. Daar het 7 000 mense gesterf in die aardbewing. Die ander mense het baie bang geword en hulle het die God van die hemel geprys.

14 Die tweede swaarkry is verby! Die derde swaarkry sal gou kom!

Die sewende trompet

15 Die sewende engel het sy trompet geblaas. Toe het die engele in die hemel hard geskree en gesê: “Die konings van die wêreld regeer nie meer nie! Ons Here en sy Christus regeer nou! Ons Here sal altyd en altyd regeer!”

16 Die 24 ouderlinge wat op hulle trone voor God sit, het gaan lê met hulle gesigte teen die grond en hulle het vir God aanbid.

17 Hulle het gesê: “Ons sê vir U dankie, Here God, Almagtige! U is altyd daar en U was altyd daar! U wys dat U baie sterk is en U regeer!

18 Die volke was kwaad, maar nou het U kwaad geword! Ja, dit is nou die tyd wanneer U die mense moet oordeel, die mense wat gesterf het. Dit is nou die tyd wanneer U die profete moet beloon, die profete wat vir U gedien het. Dit is nou die tyd wanneer U almal moet beloon, almal wat aan U behoort, almal wat vir U respekteer, grootmense en kinders. Dit is nou die tyd wanneer U die mense moet doodmaak wat die aarde verwoes.”

19 En die deure van God se tempel in die hemel het oopgegaan, en ’n mens kon die verbondskis in die tempel sien. Toe was daar weerlig en donderweer, dit het baie geraas. Daar was ook ’n aardbewing en groot stukke hael het geval.

Openbaring 12

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Die vrou en die draak

1Ek het ’n groot teken in die hemel gesien: Daar was ’n vrou. Die son was haar klere,
die maan was onder haar voete, en op haar kop was ’n kroon van twaalf sterre.

2Die vrou was swanger en sy het geskree, want sy was besig om ’n baba te kry en sy
het baie pyn gehad.

3En ek het gekyk en ek het nog ’n teken in die hemel gesien: Daar was ’n
groot draak! Die draak was baie rooi en hy het sewe koppe en tien horings gehad.
Daar was sewe krone op sy koppe.

4Die draak het sy stert gebruik en hy het een derde van die sterre in die lug afgeruk
en op die grond gegooi. Hy het gaan staan voor die vrou wat besig was om ’n kind te
kry. Die draak wou die kind opvreet wanneer die kind gebore word.

5Die vrou het ’n seun gekry. God het besluit dat die seun die volke met ’n yster-
septer moet regeer. En God het die kind vinnig weggeneem na die hemel, na God
se troon.

6Toe het die vrou na die woestyn gevlug. Daar was ’n plek in die woestyn, ’n plek wat
God vir haar gereedgemaak het. Daar het God 1 260 dae lank vir haar gesorg.

7Toe was daar oorlog in die hemel. Migael en sy engele het oorlog gemaak teen die
draak, en die draak en sy engele het oorlog gemaak teen Migael en sy engele.

8Maar die draak en sy engele het verloor. Daar was nie meer plek vir hulle in die
hemel nie.

9God het die groot draak uit die hemel gegooi. Die draak is die ou slang, die mense
noem hom “ die duiwel” en “ Satan.” Hy bedrieg al die mense van die wêreld. God
het hom en sy engele op die aarde gegooi.

10Toe het ek gehoor iemand skree hard in die hemel en hy sê: “Ons God het ons
gered! Hy is baie sterk! Hy is ons Koning en Hy regeer! Ja, die Christus van God
regeer oor alles en almal! Want God het die Satan uit die hemel gegooi, die Satan
wat elke dag en elke nag die mense beskuldig wat saam met ons glo.

11Maar die gelowiges het die Satan oorwin omdat die Lam gesterf het en omdat
hulle vir almal vertel het wat hulle geglo het. Ja, hulle was nie bang toe die mense
hulle doodgemaak het nie.

12Daarom moet die hemel bly wees, almal wat in die hemel woon, moet bly wees!
Maar die mense op die aarde sal baie swaar kry, en die see sal baie swaar kry. Want
die duiwel het afgekom na julle toe en hy is baie kwaad, want hy weet hy het min
tyd.”

13En toe die draak sien dat God hom op die aarde gegooi het, het hy die vrou gevolg
en gejaag, die vrou wat die seun gekry het.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

14Maar God het vir die vrou twee vlerke van ’n groot arend gegee sodat sy kon
wegvlieg van die slang, sy kon vlieg na haar plek in die woestyn. Daar sal God vir haar
sorg, drie en ’n half jaar lank.

15Toe het die slang baie water gespoeg na die vrou toe, so baie water soos ’n rivier.
Hy wou hê dat die water die vrou moet wegspoel.

16Maar die aarde het die vrou gehelp. Die aarde het oopgegaan en die water het in
die aarde ingevloei, die water wat die draak gespoeg het.

17Die draak was baie kwaad vir die vrou en hy het weggegaan om oorlog te gaan
maak teen die vrou se ander kinders. Haar ander kinders is die mense wat doen wat
God se wette sê en wat Jesus gesê het.

Die dier wat uit die see gekom het

18Die draak het op die strand gaan staan.

Openbaring 13

1En ek het gesien ’n dier kom uit die see. Die dier het tien horings en sewe koppe
gehad. Op die horings was tien krone en op sy koppe was daar name geskryf, name
wat vir God gelaster het.

2Die dier wat ek gesien het, het soos ’n luiperd gelyk. Sy voete het gelyk soos ’n beer
se voete en sy bek het gelyk soos ’n leeu se bek. Die draak het vir die dier gesê hy
mag die draak se krag gebruik, hy mag regeer en hy mag alles doen wat die draak
doen.

3En ek het gesien een van die dier se koppe het ’n groot seerplek gehad. Ek het
gedink dat die dier sal doodgaan. Maar die groot seerplek het gesond geword. Al die
mense in die wêreld was baie verbaas en hulle het die dier gevolg.

4Die mense het die draak aanbid, want die draak het vir die dier gesê hy kan alles
doen wat die draak doen. En hulle het die dier aanbid en gesê: “Daar is niemand wat
so sterk is soos die dier nie! Niemand kan teen hom oorlog maak nie.”

5God het gesê die dier mag vir God laster en die dier mag 42 maande lank regeer.

6Die dier het begin praat. Hy het vir God gelaster en hy het ook God se Naam en sy
woonplek gelaster, hy het almal gelaster wat in die hemel woon.

7God het gesê die dier mag oorlog maak teen die mense wat aan God behoort en hy
mag hulle wen. Ja, God het gesê die dier mag regeer oor die mense van al
die stamme, volke, tale en lande.

8Al die mense op die aarde sal die dier aanbid, al die mense wie se name nie geskryf
is in die boek van die lewe nie. Dit is God wat party mense se name in die boek van

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

die lewe geskryf het. Hy het dit gedoen voordat Hy die wêreld gemaak het. Die boek van die lewe is ook die boek van die Lam, die Lam wat aan die kruis gesterf het.

9As jy hierdie woorde kan verstaan, dan moet jy gehoorsaam wees.

10As God besluit het jy moet tronk toe gaan, dan sál jy tronk toe gaan. As God besluit het mense sal jou met ’n swaard doodmaak, dan sál hulle jou met ’n swaard doodmaak. Ja, die mense wat aan God behoort, moet geduldig wees wanneer hulle swaarkry, hulle moet aanhou glo!

Die dier wat uit die aarde gekom het

11Toe sien ek ’n ander dier wat uit die aarde kom. Hy het twee horings gehad, dit was soos ’n lam se horings. Maar hy het gepraat soos ’n draak.

12En die dier uit die aarde het regeer in die plek van die eerste dier, die dier wat uit die see gekom het. Die dier uit die aarde het vir die mense op die aarde gesê hulle moet die eerste dier aanbid, die dier wat ’n groot seerplek gehad het en wat amper gesterf het, maar wat weer gesond geword het.

13Die dier uit die aarde het wonderlike dinge gedoen. Hy het vuur uit die lug laat afkom na die aarde, en die mense het dit gesien.

14God het gesê hierdie dier mag daardie wonderlike dinge doen. Die dier mag die wonderlike dinge doen in die plek van die dier wat uit die see gekom het. Die dier uit die aarde het die mense op die aarde bedrieg met daardie wonderlike dinge en hy het vir hulle gesê dat hulle ’n beeld moet maak vir die dier uit die see. Iemand het die dier uit die see met ’n swaard gesteek, en hy het ’n baie groot seerplek gehad, maar hy het gelewe.

15God het gesê die dier uit die aarde mag die beeld van die dier uit die see laat lewe. Die beeld kon toe praat, en as mense nie die beeld wou aanbid nie, dan het die dier hulle laat doodmaak.

16Die dier wat uit die aarde gekom het, het vir al die mense gesê hulle moet ’n merk op hulle regter-hand of ’n merk op hulle voorkop laat maak. Almal moes die merk kry, kinders en grootmense, ryk mense en arm mense, slawe en mense wat nie slawe is nie.

17Die dier het die merk vir mense gegee sodat niemand iets kon koop of verkoop as hy nie die merk het nie. Die merk is die naam van die dier uit die see of die nommer wat ’n mens van sy naam kan maak.

18’n Mens moet baie goed dink hieroor. As iemand dit goed verstaan, dan moet hy dink wat beteken die nommer van die dier uit die see, want dit is ’n mens se nommer. Die nommer is 666.

Openbaring 14

© Bible Society of South Africa.

Die 144 000 mense op Sionsberg

1 En ek het gekyk en gesien die Lam staan op Sionsberg! Saam met Hom was daar 144
000 mense. Die Naam van die Lam en die Naam van die Vader was op hulle
voorkoppe geskryf.

2 Toe hoor ek die engele in die hemel sing. Hulle stemme was so hard soos baie
water wat raas, soos baie harde donderweer, soos wanneer mense op harpe speel.

3 Hulle het 'n nuwe lied gesing voor God se troon en voor die vier diere en voor
die ouderlinge. Net die 144 000 mense kon daardie lied leer, niemand anders nie,
want God het hulle losgekoop.

4 Hulle het nie onsedelik gelewe nie, hulle was maagde. Hulle het oral saam met die
Lam gegaan. God het hulle vrygekoop. Ja, hulle was die eerste mense wat aan Hom
en aan die Lam behoort het, God het hulle losgekoop om aan Hom te behoort.

5 Hulle het nooit leuens vertel nie, hulle het heeltemal reg gelewe.

God sal die mense oordeel

6 Ek het 'n ander engel gesien wat hoog in die lug vlieg. Hy het 'n boodskap gehad, 'n
boodskap wat altyd goed is. Hy moes die boodskap bring vir die mense van al die
lande, stamme, tale en volke.

7 Die engel het hard geskree en gesê: "Julle moet vir God respekteer, want Hy gaan
nou die mense oordeel! Julle moet Hom aanbid! Hy het die hemel en die aarde en
die see en die fonteine gemaak."

8 'n Tweede engel het gekom. Hy het geskree en gesê: " Babilon, die groot stad, is
afgebreek en verwoes! Ja, dit is plat! Babilon was soos 'n vrou wat onsedelik lewe,
dit was vir haar baie lekker om so te lewe. En sy het vir die mense van die ander
volke geleer om onsedelik te lewe."

9 'n Derde engel het gekom. Hy het hard geskree en gesê: "God sal die mense straf
wat die dier en sy beeld aanbid, die mense wat die dier se merk op hulle voorkoppe
of op hulle hande het!

10 God is baie kwaad vir hulle. Hy sal hulle straf en Hy sal vir hulle die beker van
swaarkry laat drink. Hy sal hulle seermaak met vuur en swael. God se engele en
die Lam sal dit sien gebeur.

11 Die vuur wat hulle seermaak, hou aan om altyd te brand, en hulle kan nooit rus nie,
nie in die dag nie en ook nie in die nag nie. So sal dit gaan met almal wat die dier en
sy beeld aanbid en wat die merk van sy naam gekry het."

12 Die mense wat aan God behoort, moet geduldig wees wanneer hulle swaarkry,
hulle wat doen wat God se wette sê en wat aanhou om in Jesus te glo.

Bybel vir almal
© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

13 En ek het die stem van iemand in die hemel gehoor. Hy het gesê: “Jy moet skryf!
Van nou af is almal wat aan die Here behoort en wat sterf, gelukkige mense!” Die
Heilige Gees het gesê: “Ja, hulle sal nie meer hard werk nie. Hulle sal rus, want hulle
het baie goeie dinge gedoen.”

14 Ek het gekyk en gesien daar was ’n wit wolk, en op die wolk het Iemand gesit wat
lyk soos die Seun van die mens! Hy het ’n goue kroon op sy kop gehad en in sy hand
was ’n skerp sekel.

15 Ek het ’n ander engel gesien. Hy het uit die tempel in die hemel gekom. Hy het
hard geskree vir die Persoon wat op die wolk sit en gesê: “Dit is nou die tyd om die
mense te straf! U moet hulle straf soos wanneer ’n mens koring afsny. U moet u
sekel gebruik en begin afsny! Die oes op die aarde is ryp!”

16 En die Persoon wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde geswaai en Hy het
afgesny.

17 ’n Ander engel het uit die tempel in die hemel gekom. Hy het ook ’n skerp sekel in
sy hand gehad.

18 En ’n ander engel het van die altaar in die tempel in die hemel gekom. Dit was die
engel wat regeer het oor al die vuur. Hy het vir die engel met die sekel geskree en
gesê: “Dit is nou die tyd om die mense te straf! Die mense op die aarde is soos
druiwetrosse. Gebruik jou skerp sekel, sny hulle af en maak hulle bymekaar soos ’n
mens die druiwetrosse van ’n wingerdstok bymekaarmaak! Jy moet dit doen, want
die druiwe is ryp.”

19 Die engel het sy sekel oor die aarde geswaai en hy het die druiwetrosse afgesny. Hy
het dit in die groot parskuip gegooi. Die parskuip beteken dat God baie kwaad is vir
die mense en dat Hy hulle baie swaar sal straf.

20 Die parskuip was buite die stad, en die engel het die druiwe in die parskuip getrap.
Die bloed het by die parskuip uitgevloei. Dit was so diep dat dit tot by die perde
se tome gevloei het. Die bloed het 1 600 stadioi ver gevloei.

Openbaring 15

Die sewe laaste strawwe

1 Ek het toe ’n ander groot en wonderlike teken in die lug gesien: Daar was
sewe engele wat God se straf gebring het, sewe strawwe. Dit is die sewe laaste
strawwe. Wanneer die sewe strawwe klaar is, dan sal God nie weer die mense straf
nie, Hy het hulle dan genoeg gestraf.

2 Ek het iets gesien wat lyk soos ’n see vol glas en vuur. By die see het mense gestaan.
Dit is die mense wat die dier en sy beeld en die nommer van sy naam oorwin het.
Die mense het harpe gehad wat God vir hulle gegee het.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

3Toe sing hulle die lied van Moses, die dienaar van God. Dit is ook die lied van die Lam. Hulle het gesing: “Here God, Almagtige! Die dinge wat U doen, is groot en wonderlik! U doen altyd wat reg en waar is! U is die Koning van die volke!

4Here, almal sal U respekteer! Almal sal U eer! Want net U is heilig! Want al die volke sal kom en hulle sal U aanbid! Want almal kan sien U doen altyd wat reg is!”

5Toe het ek gesien die tempel, God se tempel-tent in die hemel, gaan oop.

6Die sewe engele wat die sewe strawwe gebring het, het uit die tempel gekom. Hulle het skoon, wit klere gedra en elkeen het ’n goue belt om sy bors gehad.

7Een van die vier diere het sewe goue bakke vir die sewe engele gegee. In die bakke was al die straf wat God vir die mense sal gee, God wat altyd lewe.

8Die tempel het vol rook geword. Ja, God, die Sterk Koning, was daar! Niemand kon in die tempel ingaan voordat die sewe engele die sewe strawwe gebring het nie.

Openbaring 16

Die eerste vier bakke

1Toe het ek Iemand hard hoor praat uit die tempel wat in die hemel is. Ek het gehoor Hy sê vir die sewe engele: “Julle moet gaan en julle moet die sewe bakke op die aarde gaan uitgooi, my straf is in daardie sewe bakke!”

2Die eerste engel het gegaan en hy het sy bak op die aarde uitgegooi. Toe het daar lelike en slegte sere gekom op al die mense wat die merk van die dier het en wat sy beeld aanbid.

3Die tweede engel het sy bak op die see gegooi, en die water in die see het bloed geword, dit was soos die bloed van ’n mens wat dood is. En alles wat in die see gelewe het, het doodgegaan.

4Die derde engel het sy bak op die riviere en die fonteine uitgegooi, en die water het bloed geword.

5Toe hoor ek die engel wat regeer oor die water, praat. Hy het gesê: “O Heilige God, U is daar en U was altyd daar! U doen altyd wat reg is, want U het almal ge-oordeel!

6Hulle het die mense wat aan U behoort, en ook die profete doodgemaak, maar U het die mense wat dit gedoen het, doodgemaak! Dit is reg dat dit met hulle gebeur het.”

7En ek het gehoor iemand by die altaar in die hemel sê: “Ja, Here God, U wat alles kan doen, die dinge wat U besluit, is altyd waar en reg!”

8Die vierde engel het sy bak op die son uitgegooi. En God het gesê die son mag die mense brand met vuur.

© Bible Society of South Africa.

9Die son was baie warm en dit het die mense baie seer gebrand. Maar hulle het vir God gelaster, vir God wat al die strawwe gestuur het. En hulle het nie gelewe soos God wil hê nie en hulle het nie vir God geëer nie.

Die vyfde bak

10Die vyfde engel het sy bak uitgegooi op die troon van die dier. God se straf was in die bak. Toe het dit donker geword op al die plekke waar die dier koning was, en die mense op daardie plekke het so baie pyn gehad dat hulle almal hulle tonge stukkend gebyt het.

11Hulle was kwaad omdat hulle pyn en sere gehad het, en hulle het vir God gelaster, die God van die hemel. Maar hulle het nie begin lewe soos God wil hê nie, hulle het gedoen wat hulle altyd doen.

Die sesde bak

12Die sesde engel het sy bak uitgegooi op die groot Eufraat-rivier. God se straf was in die bak. Al die water van die rivier het opgedroog, en toe was die pad gereed vir die konings wat van die Ooste kom.

13En ek het drie onrein geeste gesien. Hulle het gekom uit die bekke van die draak en die dier en die vals profeet. Die drie onrein geeste het gelyk soos paddas

14en hulle was die geeste van duiwels. Die drie geeste het tekens gedoen en hulle het na al die konings op die aarde gegaan en gesê die konings moet saamkom om oorlog te maak op die belangrike dag, die dag van God, God wat alles kan doen.

15Ja, die Here Jesus het gesê: “Ek sal weer kom! Ek sal kom soos ’n dief kom, niemand sal weet wanneer Ek kom nie. As jy gereed is wanneer Ek kom, dan is jy ’n gelukkige mens! Ja, jy moet gereed wees! Jy moenie wees soos iemand wat sonder klere rondloop nie, want almal sal sien jy is kaal.”

16Die drie onrein geeste het die konings bymekaargebring by die plek Armageddon. Armageddon is ’n Hebreeuse naam.

Die sewende bak

17Die sewende engel het sy bak uitgegooi in die lug. God se straf was in die bak. God wat op die troon sit, het hard gepraat. Hy het uit die tempel in die hemel gesê: “Ek het die mense klaar gestraf!”

18Toe kom daar weerligstrale en donderweer, dit het baie geraas. Daar was ook ’n groot aardbewing. Dit was die grootste aardbewing wat op die aarde was vandat daar mense op die aarde is.

19Die aardbewing het die groot stad, Babilon, in drie stukke laat breek, en die stede van die volke is verwoes. God het onthou dat die mense van die stad Babilon sonde gedoen het. Hy was baie kwaad vir hulle en Hy het hulle gestraf, Hy het vir hulle die beker van swaarkry gegee om te drink.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

20 En al die eilande en die berge het verdwyn.

21 Daar het groot stukke hael uit die lug op die mense geval. Elke stuk hael het een talent geweeg. Toe die hael op die mense val, het hulle vir God gelaster, want dit was ’n swaar straf wat God vir hulle gegee het.

Openbaring 17

Die groot prostituut

1 Een van die sewe engele het na my toe gekom. Dit was een van die sewe engele wat die straf van God in die sewe bakke gebring het. Die engel het vir my gesê: “Jy moet saam met my kom! Ek sal vir jou wys hoe God die groot prostituut sal oordeel, die prostituut wat sit by die plek waar daar baie water is.

2 Die konings van die aarde het onsedelik gelewe met haar. Ja, die mense van die aarde het onsedelik gelewe met haar. Dit was baie lekker vir hulle, sy was soos wyn wat mense dronk maak.”

3 Die Gees het in my gekom en die engel het my na die woestyn geneem. En ek het ’n vrou gesien wat sit op ’n dier wat baie rooi was. Daar was name geskryf op die dier, name wat vir God gelaster het. Die dier het sewe koppe en tien horings gehad.

4 Die vrou het klere gehad wat pers en baie rooi was. Sy het baie goud en juwele en pêrels gedra. In haar hand was ’n goue beker. Die goue beker was vol slegte en onrein dinge, dit was vol onsedelike dinge.

5 Op haar voorkop was daar ’n naam geskryf wat niemand verstaan het nie. Daar was geskryf: “Groot Babilon, die ma van al die prostitute, die ma van al die slegte dinge wat op die aarde is.”

6 Ek het gesien dat die vrou dronk is, want sy het die bloed gedrink van die mense wat aan God behoort, die mense wat gesterf het omdat hulle in Jesus glo. Ek was baie verbaas toe ek die vrou sien.

7 Maar die engel het vir my gesê: “Hoekom is jy verbaas? Ek sal vir jou vertel wat beteken die vrou en die dier wat haar dra, die dier wat sewe koppe en tien horings het.

8 Jy het ’n dier gesien. Hy het voorheen gelewe en hy lewe nie nou nie, maar hy sal uitkom uit die onderwêreld, en dan sal God hom doodmaak. Al die mense op die aarde sal baie verbaas wees wanneer hulle die dier sien, want die dier het voorheen gelewe, hy lewe nie nou nie, maar hy sal weer lewe. Wie sal verbaas wees oor die dier? Dit is die mense wie se name nie geskryf is in die boek van die lewe nie. God het party mense se name in die boek van die lewe geskryf voordat Hy die wêreld gemaak het.

© Bible Society of South Africa.

9“Nou moet ’n mens goed dink en slim wees: Die sewe koppe is die sewe berge waar die vrou sit. Hulle is ook sewe konings.

10Vyf konings is klaar dood. Die sesde koning regeer nou. Die sewende koning sal nog kom, maar hy moet net ’n kort tydjie regeer.

11Die dier wat voorheen gelewe het en wat nie nou lewe nie, is die agste koning, maar hy is ook een van die eerste sewe konings. God sal hom doodmaak.

12“Jy het tien horings gesien. Dit is tien konings. Hulle het nog nie begin regeer nie. Hulle sal mense kry om oor te regeer, maar hulle sal net een uur lank regeer. Hulle sal saam met die dier regeer.

13Hulle dink almal dieselfde en hulle doen alles wat hulle kan om die dier te help.

14Hulle sal oorlog maak teen die Lam, maar die Lam sal hulle oorwin, want die Lam is die Here van almal wat regeer en Hy is die Koning van al die konings. Hy het mense gekies om aan Hom te behoort, en daardie mense sal altyd in Hom glo.”

15Die engel het vir my gesê: “Jy het gesien die prostituut sit by baie water. Die water is die mense van baie volke en stamme en lande en tale.

16“Jy het tien horings gesien. Die tien horings en die dier sal die prostituut haat. Hulle sal sê dat almal haar moet los. Hulle sal haar kaal maak en hulle sal haar eet en haar verbrand.

17Want God sal hulle laat doen wat Hy wil hê. Hulle sal almal dieselfde dink en doen, en hulle sal regeer om die dier te help. Dit sal so wees totdat alles gebeur soos God gesê het dit moet gebeur.

18“Jy het ’n vrou gesien. Dit is die Groot Stad wat regeer oor al die konings van die aarde.”

Openbaring 18

God straf Babilon

1Nadat hierdie dinge gebeur het, het ek gesien dat ’n ander engel uit die hemel kom. Die engel was baie sterk, hy kon baie dinge doen, en die lig wat om hom was, het dit lig gemaak op die aarde.

2Die engel het hard geskree en gesê: “ Babilon, die groot stad, is afgebreek en plat! Ja, dit is plat! Die duiwels woon nou daar, al die onrein geeste kom daar bymekaar, al die onrein voëls kom daar bymekaar, al die onrein diere kom daar bymekaar, mense hou niks van daardie diere nie.

3Babilon is plat op die grond, want sy was soos ’n prostituut! Die mense van al die volke het onsedelik met haar gelewe, hulle het aangehou, hulle wou meer en meer

© Bible Society of South Africa.

kry! Die konings van die aarde het onsedelik gelewe met haar en die handelaars van die aarde het ryk geword, want sy was sterk en het graag duur goed gekoop!”

4Toe het ek gehoor dat Iemand in die hemel sê: “My volk, julle moet uitkom uit daardie stad! Dan sal julle nie sonde doen saam met die mense van die stad nie, en God sal julle nie saam met hulle straf nie!

5Die mense van daardie stad doen baie sondes, dit is ’n groot hoop sondes, dit is so hoog soos die hemel! Ja, God het onthou dat hulle verkeerde dinge gedoen het!

6Julle moet dieselfde aan hulle doen wat hulle aan julle gedoen het, julle moet hulle twee maal straf vir elke verkeerde ding wat hulle gedoen het! Hulle het vir julle die beker van swaarkry gegee om te drink. Nou moet julle twee maal die beker van swaarkry vir húlle gee om te drink!

7Die mense van daardie stad is soos ’n vrou wat haarself baie mooi gemaak het en baie duur goed gekoop het. Nou moet julle haar baie laat seerkry en baie laat swaarkry! Want sy sê vir haarself: ‘Ek is ’n koningin! Ek is nie ’n weduwee nie! Ek sal nooit huil en treur nie!’

8Daarom sal Ek haar op een dag baie maal straf: Sy sal pes kry, sy sal treur, sy sal honger wees, die Here God sal haar verbrand, want Hy straf haar en Hy is sterk!”

9Die konings van die aarde het onsedelik gelewe met die stad Babilon, en hulle het saam met haar duur goed gekoop. Maar hulle sal sien hoe sy brand, en hulle sal huil en kla oor haar.

10Hulle sal ver staan en kyk, want hulle sal bang wees dat God hulle ook sal straf. En hulle sal sê: “Dit gaan sleg met die Groot Stad! Baie sleg! Dit gaan sleg met Babilon, die sterk stad! God het haar vinnig gestraf, Hy het haar in een uur gestraf!”

11En die handelaars van die aarde sal huil en kla oor haar, want daar is niemand wat hulle goed koop nie.

12Niemand koop hulle goud, silwer, edelstene en pêrels nie. Niemand koop fyn materiaal, pers materiaal, sy, en materiaal wat rooi is nie. Niemand koop die baie soorte hout wat lekker ruik, die baie soorte goed van ivoor, die baie soorte goed van duur hout, van koper, yster en marmer nie.

13Ja, niemand koop die handelaars se kaneel, speserye, wierook, lekkerruik-olie, speserye wat lekker ruik, wyn, olyf-olie, die beste meel, koring, beeste, skape, perde, waens, slawe en mense nie.

14Ja, Babilon, jy het gehou van baie goed, maar nou is dit alles weg, al die duur goed, al die blink goed, jy sal dit nooit weer sien nie!

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15Die handelaars het ryk geword, want hulle het baie goed aan haar verkoop. Maar
hulle sal ver staan en kyk, want hulle sal bang wees dat God hulle ook sal straf. Hulle
sal huil en kla.

16Hulle sal sê: “Dit gaan sleg met die Groot Stad! Baie sleg! Sy het mooi klere gedra,
die materiaal was pers en baie rooi! Sy het goue goed gedra en sy het mooi gelyk, sy
het edelstene en pêrels gedra!

17Maar in een uur het God die stad leeggemaak, die stad wat so ryk was!” Die
kapteins van die skepe het ver gaan staan, en ook almal op die skepe en al die
matrose en almal wat op die skepe werk.

18Hulle het gesien hoe die stad brand, en hulle het geskree en gesê: “Daar was nie ’n
ander stad wat so wonderlik was soos hierdie groot stad nie!”

19En hulle het stof op hulle koppe gegooi en gehuil en gekla. Hulle het gesê: “Dit
gaan sleg met die Groot Stad! Baie sleg! Sy was ryk en sy het almal ryk gemaak wat
skepe op die see het. Maar God het haar in een uur leeggemaak!”

20Ja, die hemel moet juig! En al die mense wat aan God behoort, moet juig! En
die apostels en die profete moet juig! Want Babilon het vir júlle gestraf, maar nou
het God háár gestraf!

21’n Sterk engel het ’n klip opgetel, die klip het soos ’n groot maalklip gelyk. Hy het
die klip in die see gegooi en gesê: “God sal vir Babilon ook so gooi! Sy sal hard val, en
die mense sal haar nooit weer sien nie!

22Niemand sal weer hoor dat iemand in die stad harp speel nie! Niemand sal weer
hoor dat iemand daar sing nie! Niemand sal weer hoor dat iemand daar ’n fluit of
’n trompet blaas nie! Niemand sal weer hoor dat ’n ambagsman daar werk nie!
Niemand sal weer hoor hoe iemand daar koring maal nie!

23Die lig van ’n lamp sal nooit weer in Babilon brand nie! En niemand sal weer die
stemme van ’n bruid en ’n bruidegom daar hoor nie! Want, Babilon, jou handelaars
was die belangrikste handelaars in die wêreld, en jy het getoor en jy het die mense
van al die volke verkeerde dinge laat doen!

24Want jy het die profete doodgemaak en ook die mense wat aan God behoort! Ja, jy
het baie mense op die aarde doodgemaak!”

Openbaring 19

Almal in die hemel is bly

1Na hierdie dinge het ek iets in die hemel gehoor. Dit was soos die stemme van baie
mense. Hulle het gesê: “Ons prys ons God! Hy red ons! Hy is die Koning! Hy is baie
sterk!

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

2Ons prys Hom, want Hy doen altyd wat waar en reg is! Want Hy het Babilon, die groot prostituut, gestraf! Sy het onsedelik gelewe, sy het al die mense op die aarde sleg gemaak. Sy het die mense doodgemaak wat vir God gedien het, maar God het haar gestraf!”

3Hulle het weer gesê: “Ons prys die Here! Die stad Babilon sal altyd en altyd brand!”

4En die 24 ouderlinge en die vier diere het gekniel en hulle het God aanbid, God wat op die troon sit. Hulle het gesê: “Amen! Ons prys die Here!”

5En ek het gehoor dat iemand by die troon sê: “Julle wat vir ons God dien, julle wat Hom respekteer, julle moet Hom prys, julle almal, kinders en grootmense!”

6En ek het iets gehoor. Dit was soos die stemme van baie mense en soos baie water wat raas en soos harde donderweer. Hulle het gesê: “Ons prys die Here, want Hy regeer! Ons God, die Almagtige, regeer!

7Ons moet bly wees! Baie bly! Kom ons prys Hom, ons Koning! Want dit is nou die tyd wanneer die Lam gaan trou! Ja, sy bruid het haarself mooi gemaak!

8God het vir haar gesê sy mag mooi klere aantrek, klere wat blink en skoon is! Ja, die mooi klere is die goeie dinge wat die mense gedoen het, die mense wat aan God behoort.”

9En die engel het vir my gesê: “Jy moet skryf: ‘God het party mense genooi na die ete wanneer die Lam trou. Daardie mense is gelukkige mense!’ ” Die engel het ook vir my gesê: “God sê dit, en alles wat Hy sê, is waar!”

10En ek het voor die engel gekniel om hom te aanbid, maar hy het vir my gesê: “Jy moenie dit doen nie! Ek is ook ’n dienaar van God, soos jy en jou vriende. Ek glo ook in Jesus, soos julle. Jy moenie vir my aanbid nie, jy moet vir Gód aanbid! Want die dinge wat ons van Jesus glo, is die dinge wat al die profete sê.”

Die Persoon op die wit perd

11En ek het gesien die hemel is oop. Toe sien ek ’n wit perd! Die Persoon wat op die perd gesit het, se Name was “Hy wat altyd doen wat Hy sê” en “Die Waarheid.” Want wanneer Hy oordeel en oorlog maak, dan doen Hy altyd wat reg is.

12Sy oë was soos vuurvlamme, en daar was baie krone op sy kop. Daar was ’n Naam geskryf op Hom, niemand het die Naam geken nie, net Hyself het die Naam geken.

13Hy het klere gedra wat vol bloed was. Sy Naam was “Die Woord van God.”

14Die leërs van die hemel het agter Hom gery op wit perde. Hulle het mooi klere aangehad, klere wat wit en skoon is.

15’n Skerp swaard het gekom uit die mond van die Persoon op die perd. Hy het die mense van die volke doodgeslaan met die swaard. Hy sal hulle met ’n yster-septer regeer. Ja, God wat alles kan doen, is baie kwaad vir hulle. Daarom sal die Persoon

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

op die perd hulle straf. Hy sal hulle straf soos wanneer ’n mens druiwe in ’n parskuip stukkend trap.

16Daar was ’n Naam geskryf op die Persoon se klere en op sy heup. Die Naam was “Die Koning van die konings en die Here van almal wat regeer.”

17Toe sien ek ’n engel wat op die son staan. Hy het hard geroep en hy het vir al die voëls wat hoog in die lug vlieg, geskree: “Julle almal moet hiernatoe kom, want God sal vir julle baie kos gee om te eet!

18Julle mag die lyke van die konings eet, en die lyke van die generaals en die lyke van die belangrike mense, en die dooie perde en die lyke van die soldate wat op die perde gesit het. Ja, julle kan die lyke van al die mense eet, die lyke van die mense wat nie slawe is nie en die lyke van die mense wat slawe is, die lyke van die kinders en die lyke van die grootmense.”

19En toe sien ek dat die dier en die konings van die aarde en hulle leërs bymekaarkom. Hulle wou oorlog maak teen die Persoon op die wit perd en teen sy leër.

20Maar die Persoon op die perd het die dier gevang. Die Persoon het ook die vals profeet gevang. Dit was die vals profeet wat tekens gedoen het voor die dier. So het die vals profeet vir die mense dinge laat glo wat nie waar is nie, die mense wat die merk van die dier gekry het en wat die beeld van die dier aanbid het. Maar die Persoon op die wit perd het die dier en die vals profeet in die see van vuur en swael gegooi. Hy het hulle ingegooi terwyl hulle nog lewe.

21Die Persoon op die wit perd het die ander mense doodgemaak met die swaard wat uit sy mond gekom het. En die voëls het hulle lyke gevreet totdat hulle genoeg gehad het.

Openbaring 20

’n Engel bind die Satan vas, 1 000 jaar lank

1Toe sien ek ’n engel kom af uit die hemel. Hy het ’n sleutel en ’n groot ketting in sy hand gehad. Hy kon die onderwêreld oopsluit met daardie sleutel.

2Die engel het die draak gegryp. Die draak is die ou slang, die duiwel, die Satan. Die engel het die draak 1 000 jaar lank vasgebind

3en hy het hom in die onderwêreld gegooi en hom daar toegesluit, heeltemal toe. Toe kon die draak 1 000 jaar lank nie meer vir die mense van die volke dinge laat glo wat nie waar is nie. Maar ná die 1 000 jaar moet die draak ’n kort tydjie uitkom.

4Toe het ek trone gesien, en daar het mense op die trone gesit. God het gesê daardie mense mag oordeel. Ek het ook die gelowiges gesien wat dood is, mense het daardie gelowiges se koppe afgekap omdat hulle vir ander mense vertel het van

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Jesus en van wat God gesê het. Hulle het nie die dier en sy beeld aanbid nie en hulle het ook nie die merk van die dier op hulle voorkoppe of op hulle hande laat maak nie. God het hulle weer laat lewe en hulle het 1 000 jaar lank saam met Christus regeer.

5Dit is die eerste opstanding. God het nie die ander mense wat dood is, weer laat lewe nie, Hy sal hulle laat lewe nadat die 1 000 jaar verby is.

6Ja, God sal sy mense weer laat lewe wanneer dit die eerste opstanding is. Daardie mense is gelukkig! Hulle behoort aan God! Die tweede dood kan niks aan hulle doen nie! Hulle sal vir God en vir Christus dien en hulle sal 1 000 jaar lank saam met Christus regeer.

7Wanneer die 1 000 jaar verby is, dan sal God die Satan laat uitkom uit die tronk waar die Satan was.

8Die Satan sal uitgaan om vir die mense van al die volke dinge te laat glo wat nie waar is nie. Hy sal die volke, die Gog en Magog, bymekaar laat kom by die vier hoeke van die aarde. Hulle sal so baie wees soos die sand van die see. Hy wil hê hulle moet oorlog maak teen God.

9Hulle het gekom om oorlog te maak. Daar was baie soldate, hulle was daar so ver soos ’n mens kan sien. Hulle het rondom die kamp van God se mense gegaan en ook rondom die stad van God. God was lief vir hierdie stad. God het vuur uit die hemel laat kom en die vuur het sy vyande doodgebrand.

10God het die duiwel in die see van vuur en swael gegooi, die duiwel wat die mense dinge laat glo wat nie waar is nie. Die duiwel was toe saam met die dier en die vals profeet in die see van vuur en swael. Daar sal hulle elke dag en elke nag brand en baie seer kry, vir altyd en altyd.

11Toe sien ek ’n groot wit troon en ek sien vir God wat op die troon sit. Die aarde en die hemel was so bang vir God dat hulle weggehardloop het, ’n mens kon hulle nêrens sien nie.

12Toe sien ek die mense wat gesterf het, staan voor die troon, al die mense, grootmense en kinders. Iemand het die boeke in die hemel oopgemaak, ook die boek van die lewe. God het gekyk wat in die boeke geskryf is oor wat elke mens gedoen het, en toe het Hy die mense ge-oordeel.

13Ja, al die mense het weer begin lewe: die mense wat in die see gesterf het, en ook die mense wat gesterf het en wat in die doderyk was. God het gekyk wat hulle gedoen het en Hy het hulle almal ge-oordeel.

14Toe het God die dood en die doderyk in die see van vuur gegooi. Dit is die tweede dood.

© Bible Society of South Africa.
bible society of south africa

15As iemand se naam nie in die boek van die lewe geskryf was nie, dan het God hom in die see van vuur gegooi.

Openbaring 21

Die nuwe hemel en die nuwe aarde

1Toe sien ek ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde. Want die eerste hemel en die eerste aarde was nie meer daar nie. Die see was ook nie meer daar nie.

2Toe sien ek die gewyde stad, die Nuwe Jerusalem, kom af uit die hemel, van God af. Die stad was gereed, soos ’n bruid wat haarself mooi gemaak het vir haar man.

3Toe hoor ek iemand praat by God se troon. Hy het hard gesê: “Kyk, God woon nou by die mense! Ja, Hy sal by hulle woon! En hulle sal sy volke wees! God sal self by hulle wees!

4God sal al die trane van hulle oë afvee! Hulle sal nooit sterf nie! Hulle sal nooit huil en kla nie! Hulle sal nooit seerkry nie! Want die ou dinge het verbygegaan!”

5En God wat op die troon sit, het gesê: “Kyk! Ek verander alles! Ja, Ek maak alles nuut!” God het ook gesê: “Jy moet skryf wat Ek sê, want Ek doen altyd wat Ek sê, Ek praat altyd die waarheid.”

6God het vir my gesê: “Alles is verby! Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. As iemand geestelik dors is, dan sal Ek vir hom water gee wat hom altyd laat lewe, water wat verniet is.

7As jy oorwin en aanhou glo, dan sal Ek vir jou baie goeie dinge gee. Ek sal jou God wees en jy sal my kind wees.

8Maar al die mense wat bang is en die mense wat nie glo nie, sal in die see van vuur en swael kom, en ook die mense wat baie verkeerde dinge doen en die mense wat ander mense doodmaak en die mense wat onsedelik lewe en die mense wat toor en die mense wat afgode dien en die mense wat lieg. Die see van vuur en swael is die tweede dood.”

Die Nuwe Jerusalem

9Een van die sewe engele het na my toe gekom. Dit was een van die sewe engele wat God se straf gebring het, God se sewe laaste strawwe in sewe bakke. Die engel het vir my gesê: “Jy moet saam met my kom! Ek sal vir jou die bruid wys, die vrou van die Lam!”

10 Die Gees het in my gekom, en die engel het my na ’n groot, hoë berg geneem. Toe het hy vir my die gewyde stad, Jerusalem, gewys. Die stad het afgekom uit die hemel, van God af.

11Die stad was vol lig, die lig wat om God, die Koning, is. Die stad het geblink soos ’n baie duur edelsteen, soos jaspis wat baie blink is.

© Bible Society of South Africa.

12Die stad het ’n groot, hoë muur gehad. In die muur was twaalf poorte. By die twaalf poorte was twaalf engele, en op die poorte was die name van die twaalf stamme van die Israeliete geskryf.

13Daar was drie poorte in die muur oos van die stad, drie poorte in die muur noord van die stad, drie poorte in die muur suid van die stad en drie poorte in die muur wes van die stad.

14Die muur van die stad het twaalf fondamente gehad. Op die fondamente was die twaalf name van die twaalf apostels van die Lam geskryf.

15Die engel wat met my gepraat het, het ’n goue meet-stok gehad om die stad en die poorte en die muur te meet.

16Die stad was vierkantig: dit was so lank soos dit breed was. Die engel het die stad gemeet: dit was 12 000 stadioi lank en 12 000 stadioi breed en 12 000 stadioi hoog.

17Hy het die muur ook gemeet. Dit was 144 el hoog. Die engel het gemeet hoeveel el dit was, soos mense altyd ’n el meet.

18Die muur was van jaspis. Die stad was van die beste goud, dit het geblink soos die mooiste glas.

19Op die fondamente van die muur was daar baie mooi edelstene. Op die eerste fondament was jaspis. Op die tweede fondament was saffier. Op die derde fondament was agaat. Op die vierde fondament was smarag.

20Op die vyfde fondament was oniks. Op die sesde fondament was karneool. Op die sewende fondament was chrisoliet. Op die agste fondament was beril. Op die negende fondament was topaas. Op die tiende fondament was chrisopraas. Op die elfde fondament was hiasint. Op die twaalfde fondament was ametis.

21Die twaalf poorte was twaalf pêrels. Ja, elke poort was gemaak van een pêrel. Die straat van die stad was van die beste goud, dit het gelyk soos glas, ’n mens kon daardeur sien.

22Ek het nie ’n tempel in die stad gesien nie, want die Here God wat alles kan doen, en die Lam, was die stad se tempel.

23Daar was nie ’n son of ’n maan om vir die stad lig te gee nie. Dit was nie nodig nie, want die lig wat om God die Koning is, het daar lig gegee. En die Lam was die lamp vir die stad.

24Die volke sal lewe in die stad se lig, en die konings van die aarde sal na die stad kom, en dit sal wys hoe belangrik die stad is.

25Die stad se poorte sal nooit toe wees in die dag nie. En daar is nooit nag nie.

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

26Die konings van die aarde sal presente van die volke na die stad bring. Hulle sal die stad prys en sê hoe belangrik dit is.

27Maar mense en dinge wat onrein is, sal nooit in die stad ingaan nie, ook nie mense wat dinge doen wat baie lelik is en mense wat lieg nie. Maar party mense sal in die stad ingaan. Hulle name is geskryf in die boek van die lewe, die boek van die Lam.

Openbaring 22

1Toe het die engel vir my 'n rivier gewys. Die rivier was baie helder, soos kristal. In die rivier was water wat mense altyd laat lewe. Die rivier kom uit die troon van God en van die Lam.

2Die rivier het gevloei in die middel van die straat. Die bome van die lewe het gestaan langs altwee kante van die rivier. Die bome het twaalf soorte vrugte gedra, hulle het elke maand vrugte gedra. Die volke gebruik die bome se blare om gesond te word.

3God sal niemand en niks in die stad vervloek nie. En God en die Lam se troon sal in die stad wees, en God se dienaars sal Hom aanbid.

4Hulle sal God sien, en God se Naam sal op hulle voorkoppe geskryf wees.

5Daar sal nie meer nag wees nie. Daar sal nie meer lig van 'n lamp of die son wees nie. Dit sal nie nodig wees nie, want die Here God sal 'n lig wees vir hulle. En hulle sal altyd en altyd regeer.

Jesus sal weer kom

6Die engel het vir my gesê: "Die dinge wat in hierdie boek geskryf is, is waar. 'n Mens kan dit glo, want die Here God het vir die profete gesê wat hulle moet sê. Ja, God het sy engel gestuur om vir sy dienaars die dinge te wys wat gou moet gebeur."

7Christus het gesê: "Ek sal gou kom! In hierdie boek is die dinge geskryf wat moet gebeur. As iemand dit lees en dit glo, dan is hy gelukkig!"

8Ek, Johannes, het al die dinge gesien en gehoor wat in hierdie boek geskryf is. 'n Engel het dit vir my gewys. Toe ek dit alles gesien en gehoor het, het ek voor die engel se voete gekniel en ek wou hom aanbid.

9Maar hy het vir my gesê: "Jy moenie vir mý aanbid nie, want ek dien ook vir God. Ek dien Hom ook soos jy en jou vriende, die profete, en soos al die ander mense wat hierdie boek lees en wat doen wat daarin geskryf is."

10Die engel het ook vir my gesê: "In hierdie boek is die dinge geskryf wat moet gebeur. Jy moenie stilbly daaroor nie, want daar is min tyd voordat dit sal gebeur!

11Die mense wat verkeerde dinge doen, moet nog meer verkeerde dinge doen! En die mense wat slegte dinge doen, moet nog meer slegte dinge doen! Maar die

© Bible Society of South Africa.

mense wat doen wat God wil hê, moet nog meer dinge doen wat God wil hê! En die mense wat reg lewe, moet aanhou om reg te lewe!”

12Toe sê Christus weer: “Ek sal gou kom! Ek weet wat elke mens gedoen het en Ek sal elke mens beloon.

13Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

14“Die mense wat reg lewe, is gelukkige mense! Hulle is soos mense wat skoon klere aangetrek het. Hulle mag eet van die vrugte van die bome van die lewe! En hulle mag deur die poorte ingaan na God se stad!

15Buite God se stad is die slegte mense en die mense wat toor en die mense wat onsedelik lewe en die mense wat ander mense vermoor en die mense wat afgode dien en almal wat daarvan hou om te lieg.

16“Ek, Jesus, het my engel na julle toe gestuur. Die engel het al die dinge in hierdie boek vir die gemeentes gesê. Ek, Jesus, is die Wortel van Dawid, die Nageslag van Dawid, en die Blink Môrester.”

17Ja, die Gees en die kerk, Jesus se bruid, sê: “U moet kom!” Elkeen wat dit hoor, moet sê: “U moet kom!” As iemand geestelik dors is, dan moet hy water kom haal, water wat hom altyd sal laat lewe, water wat verniet is.

18Die dinge wat moet gebeur, is in hierdie boek geskryf. Ek sê nou vir almal wat hierdie boek lees: “As iemand sê dat God dinge sal laat gebeur, en daardie dinge is nie in hierdie boek geskryf nie, dan sal God hom straf! God sal vir hom die strawwe gee wat in hierdie boek geskryf is!

19En as iemand sê die dinge wat in hierdie boek geskryf is, sal nie gebeur nie, dan sal God hom straf! God sal sê hy mag nie eet van die vrugte van die boom van die lewe nie, en hy mag nie ingaan in die gewyde stad nie. In hierdie boek is geskryf van die boom van die lewe en van die gewyde stad.”

20Dit is die Here Jesus wat al hierdie dinge sê. Hy sê ook: “Ja, Ek sal gou kom!” Amen! U moet kom, Here Jesus!

21Ek bid dat die Here Jesus genadig sal wees vir julle almal!

© Bible Society of South Africa.
bible society
of south africa

Esclarecimento

Trata-se de iniciativa particular, com os seguintes objetivos: (i) colaborar para divulgação dos diversos textos bíblicos disponíveis, e, (ii) facilitar o acesso a esses textos, inclusive por meio de download.

Todo esforço em tornar a Palavra de Deus acessível a todos, em quaisquer localidades e falantes das mais diversas línguas, precisa ser um objetivo de todos os que são guiados pelo Espírito Santo. Ele inspirou o profeta Jeremias a dizer "não ensinará jamais cada um ao seu próximo, nem cada um ao seu irmão, dizendo: Conhece ao SENHOR, porque todos me conhecerão, desde o menor até ao maior deles, diz o SENHOR" (Jer. 31:34).

Jesus, também, falou assim: "e será pregado este evangelho do reino por todo o mundo, para testemunho a todas as nações" (Mat. 24:14).

Muitas organizações foram constituídas com o propósito de fazer a Bíblia disponível nas diversas línguas. Não é uma tarefa simples. Anos de trabalho, dedicação e entrega são necessários para esta tão extraordinária missão.

O texto deste trabalho está disponível na internet, em páginas eletrônicas de organizações que produzem ou divulgam bíblias, sem acréscimos de notas ou comentários. Assim, reconhecendo e respeitando os direitos que possuem sobre seus trabalhos, incumbe a todos os que amam a Palavra de Deus, o esforço em contribuir para amplificar sua divulgação.

Se possível, faça download do texto, para que sejamos, também, guardiões da Bíblia, e, com isso, preservando-a para as futuras gerações.

Divulga a Palavra de Deus, ela mostra o Caminho e permite a todos, que se conheça Sua vontade, em todos os lugares e épocas.

Marcel da Glória Pereira

2021, Vitória/ES - Brasil

Capa: Pôr do sol. Trata-se de imagem disponibilizada na internet, dentre as que não informam haver restrição ao uso.